

BIBLE

DIE BYBEL

Afrikaans 1983

Afrikaans Language

Afrikaans - All Bible (1983)

Old Testament			
Genesis	3	Nahum	1.915
Eksodus	125	Habakuk	1.920
Levitikus	228	Sefanja	1.926
Numeri	301	Haggai	1.932
Deuteronomium	397	Sagaria	1.936
Josua	484	Maleagi	1.956
Rigters	541	New Testament	
Rut	598	Matteüs	1.962
1 Samuel	606	Markus	2.051
2 Samuel	683	Lukas	2.108
1 Konings	746	Johannes	2.202
2 Konings	822	Handelinge	2.271
1 Kronieke	894	Romeine	2.358
2 Kronieke	965	1 Korintiërs	2.396
Esra	1.049	2 Korintiërs	2.432
Nehemia	1.074	Galasiërs	2.456
Ester	1.109	Efesiërs	2.469
Job	1.127	Filippense	2.482
Psalms	1.195	Kolossense	2.491
Spreuke	1.358	1 Tessalonisense	2.500
Prediker	1.417	2 Tessalonisense	2.508
Hooglied	1.435	1 Timoteus	2.513
Jesaja	1.446	2 Timoteus	2.523
Jeremia	1.565	Titus	2.530
Klaagliedere	1.693	Filemon	2.534
Esegiël	1.704	Hebreërs	2.536
Daniël	1.822	Jakobus	2.563
Hosea	1.857	1 Petrus	2.573
Joël	1.876	2 Petrus	2.583
Amos	1.883	1 Johannes	2.589
Obadja	1.897	2 Johannes	2.598
Jona	1.900	3 Johannes	2.600
Miga	1.905	Judas	2.602
		Die Openbaring	2.605

Afrikaans - All Bible

(1983)

Genesis

Genesis 1

God se skeppingswerk

- ¹In die begin het God die hemel en die aarde geskep.
- ²Die aarde was heeltemal onbewoonbaar, dit was donker op die diep waters, maar die Gees van God het oor die waters gesweef.
- ³Toe het God gesê: “Laat daar lig wees!” En daar was lig.
- ⁴God het gesien die lig is goed, en Hy het die lig en die donker van mekaar geskei.
- ⁵God het die lig toe “dag” genoem, en die donker het Hy “nag” genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die eerste dag.
- ⁶Toe het God gesê: “Laat daar 'n gewelf wees tussen die waters om die waters van mekaar te skei.”
- ⁷So het dit gebeur. God het die gewelf gemaak en die waters onder die gewelf geskei van die waters bo die gewelf.
- ⁸God het die gewelf “hemel” genoem. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die tweede dag.
- ⁹Toe het God gesê: “Laat die waters onder die hemel op een plek bymekaarkom sodat die droë grond sigbaar word.” So het dit gebeur.
- ¹⁰God het die droë grond “aarde” genoem, en die waters wat bymekaargekom het, het Hy “see” genoem. En God het gesien dit is goed.
- ¹¹Toe het God gesê: “Laat daar uit die aarde groenigheid voortkom, groen plante wat saad gee en vrugtebome op die aarde, wat elkeen na sy aard vrugte dra en waarvan die saad in sy vrug sit.” So het dit gebeur.

¹²Die aarde het groen plante laat uitspruit wat elkeen na sy aard saad gee, en bome wat vrugte dra met die saad daarin, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.

¹³Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die derde dag.

¹⁴Toe het God gesê: “Laat daar ligte wees aan die hemelgewelf om dag en nag van mekaar te skei. Hulle moet ook as tekens dien om seisoene, dae en jare aan te dui.

¹⁵Hulle moet ligte wees aan die hemelgewelf om op die aarde lig te gee.” So het dit gebeur.

¹⁶God het die twee groot ligte gemaak, die grootste om bedags te heers en die kleiner lig om snags te heers, en ook die sterre.

¹⁷God het hulle in die hemelgewelf geplaas om op die aarde lig te gee,

¹⁸om oor dag en nag te heers en om lig en donker van mekaar te skei. En God het gesien dit is goed.

¹⁹Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vierde dag.

²⁰Toe het God gesê: “Laat die waters krioel van lewende wesens, en laat daar voëls onder die hemelgewelf oor die aarde vlieg.”

²¹God het die groot seidiere geskep en al die ander lewende wesens waarvan die waters krioel, almal na hulle aard; ook al die voëls na hulle aard. En God het gesien dit is goed.

²²Toe het God hulle geseën: “Wees vrugbaar, word baie en bewoon al die waters van die see. En laat die voëls baie word op land.”

²³Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die vyfde dag.

²⁴Toe het God gesê: “Laat die aarde lewende wesens voortbring, elkeen na sy aard: mak diere, diere wat kruip, wilde diere, elkeen na sy aard.” So het dit gebeur.

²⁵God het die wilde diere op die aarde gemaak, elkeen na sy aard; ook die mak diere, elkeen na sy aard; en ook al die diere wat kruip, elkeen na sy aard. En God het gesien dit is goed.

²⁶Toe het God gesê: “Kom Ons maak die mens as ons verteenwoordiger, ons beeld, sodat hy kan heers oor die vis in die see, die voëls in die lug, die mak diere, die wilde diere en al die diere wat op die aarde kruip.”

²⁷God het die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep, man en vrou het Hy hulle geskep.

²⁸Toe het God hulle geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie, bewoon die aarde en bewerk dit. Heers oor die vis in die see, oor die voëls in die lug, oor al die diere van die aarde, ook oor die diere wat op die aarde kruip.”

²⁹Verder het God gesê: “Let op! Ek gee aan julle al die plante wat saad gee op die hele aarde; ook al die bome wat vrugte dra en saad gee. Dit sal julle kos wees.

³⁰Maar aan die wilde diere op die aarde en aan die voëls in die lug en aan die diere wat op die aarde kruip, aan alles wat leef, gee Ek al die groen plante as kos.” So het dit gebeur.

³¹Toe het God gekyk na alles wat Hy gemaak het, en dit was baie goed. Dit het aand geword en dit het môre geword. Dit was die sesde dag.

Genesis 2

¹Die hemel en alles daarin is voltooi en ook die aarde en alles daarop.

²Op die sewende dag was God reeds klaar met die skeppingswerk en het Hy gerus na al die werk wat Hy gedoen het.

³Hy het die sewende dag as gereelde rusdag geheilig, want op daardie dag het Hy gerus na al die skeppingswerk wat Hy gedoen het.

⁴Dit dan is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskep is.

Die mens in die tuin

Toe die Here God die aarde en die hemel gemaak het,

⁵was daar nog nie enige struik op die aarde nie en het daar ook nog nie enige groenigheid opgeskiet nie, want die Here God het dit nog nie op die aarde laat reën nie, en daar was nog nie 'n mens om die grond te bewerk nie.

⁶Daar het water uit die aarde uit opgekom en al die grond nat gemaak.

⁷Die Here God het toe die mens gevorm uit stof van die aarde en lewensasem in sy neus geblaas, sodat die mens 'n lewende wese geword het.

⁸Die Here God het toe 'n tuin in Eden in die ooste aangelê en die mens wat Hy gevorm het, daar laat woon.

⁹Die Here God het verder allerlei bome, mooi om na te kyk en lekker om van te eet, uit die grond laat uitspruit, ook die boom van die lewe in die middel van die tuin, en die boom van alle kennis.

¹⁰Daar het 'n rivier in Eden ontspring om die tuin nat te maak, en van daar af het dit verdeel en vier riviere geword.

¹¹Die eerste rivier is die Pison en dit loop rondom die hele Gawila, waar daar goud is.

¹²Die goud van daardie land is suiwer. Daar is ook balsem en oniks.

¹³Die tweede rivier is die Gihon en dit loop rondom die hele Kus.

¹⁴Die derde is die Tigris wat oos van Assirië verbyloop, en die vierde is die Eufraat.

¹⁵Die Here God het die mens in die tuin laat woon om dit te bewerk en op te pas.

¹⁶Die Here God het die mens beveel: “Van al die bome in die tuin mag jy eet soos jy wil,

¹⁷maar van die boom van alle kennis mag jy nie eet nie. Die dag as jy daarvan eet, sterf jy.”

¹⁸Verder het die Here God gesê: “Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom iemand maak wat hom kan help, sy gelyke.”

¹⁹Die Here God het toe uit grond al die wilde diere en al die voëls gevorm en na die mens toe gebring om vas te stel hoe hy elkeen sou noem; en wat die mens elke lewende wese sou noem, dit sou sy naam wees.

²⁰Die mens gee toe name vir al die mak diere, die voëls en die wilde diere, maar vir homself het hy nie 'n helper, 'n gelyke, gekry nie.

²¹Toe het die Here God 'n diep slaap oor die mens laat kom, sodat hy vas geslaap het. Die Here God neem toe 'n ribbebeen uit die mens, vul die plek met vleis op,

²²en die ribbebeen wat Hy uit die mens geneem het, bou Hy om tot 'n vrou en bring haar na die mens toe.

²³Toe sê die mens: “Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek. Daarom sal sy ‘vrou’ genoem word; sy is uit die man geneem.”

²⁴Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word.

²⁵Hulle twee, die mens en sy vrou, was kaal, maar hulle was nie skaam nie.

Genesis 3

¹Die slang was listiger as al die wilde diere wat deur die Here God gemaak is en het vir die vrou gevra: “Het God werklik gesê julle mag van geen boom in die tuin eet nie? ”

²Die vrou het die slang geantwoord: “Ons mag eet van die vrugte van die bome in die tuin.

³God het net gesê ons mag nie eet van die vrugte van die boom in die middel van die tuin nie en ons mag dit nie aanraak nie, want dan sterf ons.”

⁴Toe sê die slang vir die vrou: “Julle sal beslis nie sterf nie,

⁵maar God weet dat julle oë sal oopgaan die dag as julle van daardie boom eet en dan sal julle soos God wees deurdat julle alles kan ken.”

⁶Toe besef die vrou dat die boom se vrugte goed is om te eet en mooi om na te kyk en begeerlik omdat dit kennis kan gee. En sy het van sy vrugte gepluk en geëet. Sy het ook vir haar man by haar gegee, en hy het geëet.

⁷Hulle altwee se oë gaan toe oop, en hulle besef dat hulle kaal is. Toe werk hulle vyeblare aanmekaar en hang dit om vir klere.

⁸Hulle het gehoor hoe die Here God in die tuin wandel teen die tyd dat die aandwind opkom, en die mens en sy vrou het vir die Here God weggekruipt tussen die bome van die tuin.

⁹Maar die Here God het na die mens geroep en vir hom gevra: “Waar is jy? ”

¹⁰En die mens antwoord: “Ek het U hoor wandel in die tuin en ek het bang geword, want ek is kaal. Toe het ek weggekruipt.”

¹¹Die Here God vra toe: “Hoe het jy te wete gekom dat jy kaal is? Het jy tog nie van die boom geëet waarvan Ek jou verbied het om te eet nie? ”

¹²Die mens het geantwoord: “Die vrou wat U my gegee het om my by te staan, sy het vir my van die boom se vrugte gegee, en ek het geëet.”

¹³Toe vra die Here God vir die vrou: “Wat het jy nou gedoen? ” en sy sê: “Die slang het my mislei, en ek het geëet.”

¹⁴En die Here God sê vir die slang: “Omdat jy dit gedoen het, is jy vervloek onder al die diere. Op jou maag sal jy seil en stof sal jy eet, jou lewe lank.

¹⁵Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt.”

¹⁶Vir die vrou het die Here God gesê: “Ek sal jou baie swaar laat kry met jou swangerskappe: met pyn sal jy kinders in die wêreld bring. Na jou man sal jy hunker, en hy sal oor jou heers.”

¹⁷Vir die mens het die Here God gesê: “Omdat jy na jou vrou geluister het en geëet het van die boom waarvan Ek jou verbied het om te eet, “is die aarde

deur jou toedoen vervloek; met swaarkry sal jy daaruit 'n bestaan maak, jou lewe lank;

¹⁸die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet;

¹⁹net deur harde werk sal jy kan eet, totdat jy terugkeer na die aarde toe, want daaruit is jy geneem. Stof is jy, en jy sal weer stof word.”

²⁰Die mens het sy vrou Eva genoem; sy was die moeder van al die mense.

²¹Daarna het die Here God vir die mens en sy vrou velklere gemaak, en hulle dit aangetrek.

²²Toe het die Here God gesê: “Die mens het nou soos een van Ons geword deurdat hy alles kan ken. As hy nou maar net nie sy hand uitsteek en die vrug van die boom van die lewe vat en daarvan eet en altyd bly lewe nie! ”

²³Daarom het die Here God die mens weggestuur uit die tuin van Eden uit om die aarde te gaan bewerk, die aarde waaruit hy gemaak is.

²⁴Die Here God het die mens uitgedryf, en om die toegang tot die boom van die lewe te bewaak, het Hy oos van die tuin van Eden gerubs gesit, en ook 'n vlamme swaard wat heen en weer beweeg.

Genesis 4

Kain en Abel

¹Die mens het met sy vrou Eva gemeenskap gehad, en sy het swanger geword. Sy het vir Kain in die wêreld gebring en uitgeroep: “Ek het 'n man in die wêreld gebring met die hulp van die Here! ”

²Sy het weer 'n kind gekry, Abel, 'n broer vir Kain. Abel was 'n veeboer en Kain 'n saaiboer.

³Na verloop van tyd het Kain van die opbrengs van die land 'n offer aan die Here gebring.

⁴Abel het dit ook gedoen, van die eersteling uit sy kudde, van hulle vet. Die Here het vir Abel en sy offer aangeneem,

⁵maar nie vir Kain en sy offer nie. Kain het baie kwaad geword en hy was bedruk.

⁶Toe sê die Here vir Kain: “Waarom is jy kwaad? Waarom is jy bedruk?

⁷Wag daar nie vir jou blydschap as jy goed doen nie? As jy nie goed doen nie — die sonde wag jou in daarbuite en hy wil jou in sy mag kry. Maar jy moet oor hom heers.”

⁸Kain het met sy broer Abel gepraat, en toe hulle in die veld was, het Kain vir Abel oorweldig en hom doodgemaak.

⁹Toe vra die Here vir Kain: “Waar is jou broer Abel? ” en Kain antwoord: “Ek weet nie. Moet ek dan my broer oppas? ”

¹⁰Maar die Here sê: “Wat het jy gedoen? Die bloed van jou broer roep van die aarde af na My.

¹¹Vervloek is jy dan nou, verban van die grond af wat gretig die bloed van jou broer uit jou hand opgeslurp het.

¹²Wanneer jy die grond bewerk, sal dit nie sy opbrengs vir jou gee nie. Jy sal 'n doellose swerwer op aarde word! ”

¹³Toe sê Kain vir die Here: “My straf is te swaar om te dra.

¹⁴U verdryf my nou van my grond af, en tot U het ek nie meer toegang nie. Ek sal 'n doellose swerwer op aarde wees, en wie my raakloop, sal my vermoor.”

¹⁵Maar die Here sê vir hom: “Nee! Wie vir Kain vermoor, sal sewe maal gestraf word.” Toe gee die Here vir Kain 'n teken sodat niemand wat hom raakloop, hom sou doodmaak nie.

¹⁶En Kain het van die Here af weggegaan. Hy het gaan woon in Nod, oos van Eden.

Die nageslag van Kain

¹⁷Kain het met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het swanger geword en vir Henog in die wêreld gebring. Kain het daarna 'n stad begin bou en hy het die stad na sy seun Henog vernoem.

¹⁸Vir Henog is 'n seun Irad gebore, en Irad was die vader van Megujael, en dié was die vader van Metusael, en dié was die vader van Lameg.

¹⁹Lameg was met twee vrouens getroud. Die een was Ada en die ander Silla.

²⁰Ada het vir Jabal in die wêreld gebring. Hy was die stamvader van dié wat in tente by hulle kuddes woon.

²¹Die naam van sy broer was Jubal en hy was die stamvader van dié wat op die lier en die fluit speel.

²²Silla weer het vir Tubal-Kain in die wêreld gebring, en hy was 'n smid, 'n vakman in koper en yster. Sy suster was Naäma.

²³Lameg het vir sy vrouens gesê: “Ada en Silla, luister na my! Vrouens van Lameg, let op my woorde! Ek maak 'n man dood as hy my wond, 'n seun as hy my seermaak.

²⁴Kain sal sewe maal gewreek word, Lameg sewe en sewentig maal! ”

Die geboorte van Set

²⁵Adam het weer met sy vrou gemeenskap gehad, en sy het 'n seun in die wêreld gebring en hom Set genoem, “want,” het sy gesê, “God het vir my 'n ander kind gegee in die plek van Abel omdat Kain hom vermoor het.”

²⁶Ook vir Set is daar 'n seun gebore, en Set het hom Enos genoem. In daardie tyd het die mense begin om die Naam van die Here aan te roep.

Genesis 5

Die nageslag van Adam oor Set tot op Noag

¹Hier volg die geslagsregister van Adam. Toe God die mense geskep het, het Hy hulle gemaak as beeld van Homself.

²Man en vrou het Hy hulle geskep en Hy het hulle geseën en hulle “mens” genoem toe hulle geskep is.

³Toe Adam 130 was, het hy die vader geword van 'n seun, sy beeld, een soos hyself. Adam het hom Set genoem.

- ⁴Nadat Set vir hom gebore is, het Adam nog 800 jaar geleef en seuns en dogters gehad.
- ⁵Adam was dus 930 jaar toe hy gesterf het.
- ⁶Toe Set 105 was, het hy die vader geword van Enos.
- ⁷Set het na die geboorte van Enos nog 807 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.
- ⁸Set was dus 912 jaar toe hy gesterf het.
- ⁹Toe Enos 90 was, het hy die vader geword van Kenan.
- ¹⁰Enos het na die geboorte van Kenan nog 815 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.
- ¹¹Enos was dus 905 jaar toe hy gesterf het.
- ¹²Toe Kenan 70 was, het hy die vader geword van Mahalalel.
- ¹³Kenan het na die geboorte van Mahalalel nog 840 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.
- ¹⁴Kenan was dus 910 jaar toe hy gesterf het.
- ¹⁵Toe Mahalalel 65 was, het hy die vader geword van Jered.
- ¹⁶Mahalalel het na die geboorte van Jered nog 830 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.
- ¹⁷Mahalalel was dus 895 jaar toe hy gesterf het.
- ¹⁸Toe Jered 162 was, het hy die vader geword van Henog.
- ¹⁹Jered het na die geboorte van Henog nog 800 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.
- ²⁰Jered was dus 962 jaar toe hy gesterf het.
- ²¹Toe Henog 65 was, het hy die vader geword van Metusalag.
- ²²Henog het na die geboorte van Metusalag nog 300 jaar naby God geleef en het seuns en dogters gehad.

²³Henog se ouderdom was dus 365 jaar.

²⁴Hy het naby God geleef en toe was hy nie meer daar nie, want God het hom na Hom toe weggeneem.

²⁵Toe Metusalag 187 was, het hy die vader geword van Lameg.

²⁶Metusalag het na die geboorte van Lameg nog 782 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

²⁷Metusalag was dus 969 jaar toe hy gesterf het.

²⁸Toe Lameg 182 was, het hy die vader geword van 'n seun.

²⁹Hy het die seun Noag genoem, “want,” het hy gesê, “hierdie seun sal ons opbeur in die harde werk met ons hande en in ons swaarkry op die grond wat deur die Here vervloek is.”

³⁰Lameg het na die geboorte van Noag nog 595 jaar geleef en hy het seuns en dogters gehad.

³¹Lameg was dus 777 jaar toe hy gesterf het.

³²Toe Noag 500 was, het hy die vader geword van Sem, Gam en Jafet.

Genesis 6

Die reuse

¹Toe die mense baie begin word het op die aarde en daar vir hulle dogters gebore is,

²het die hemelwesens gesien die dogters van die mense is mooi en het hulle getrou met die dogters van hulle keuse.

³Toe sê die Here: “My Gees sal nie meer so lank in die mens bly nie, want hy is sterflik. Sy lewensduur sal nou honderd en twintig jaar wees.”

⁴In daardie tyd was daar reuse op die aarde, en ook daarna wanneer die hemelwesens na die dogters van die mense toe gekom en kinders by hulle gehad het. Hulle was die sterk mense van die ou tyd, die manne van naam.

Die sondvloed

⁵Toe die Here sien hoe groot die verdorwenheid van die mens op aarde is en dat hy sy lewe lank net slegte dinge bedink,

⁶was die Here bedroef daaroor dat Hy die mens op die aarde gemaak het. Dit het Hom diep gegrief.

⁷Die Here het gesê: “Ek sal die mens wat Ek geskep het, wegvee van die aarde af; mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, want Ek is bedroef daaroor dat Ek hulle gemaak het.”

⁸Maar Noag is deur die Here begenadig.

⁹Hier volg die verhaal van Noag. Noag was 'n regverdige man. Onder sy tydgenote was hy onberispelik en hy het naby God geleef.

¹⁰Noag het drie seuns gehad: Sem, Gam en Jafet.

¹¹Die aarde was korrup in die oë van God, vol geweld;

¹²Hy het die aarde gesien: dit was korrup, elke mens op aarde se lewe was verrot.

¹³Toe sê God vir Noag: “Ek het besluit om 'n einde te maak aan alle mense, want deur hulle toedoen is die aarde vol geweld. Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg.

¹⁴“Maak vir jou 'n ark van goferhout. Jy moet vertrekke in die ark maak en dit binne en buite met pik dig maak.

¹⁵Jy moet dit soos volg maak: die lengte van die ark moet honderd vyf en dertig meter wees, sy breedte twee en twintig en 'n half meter en sy hoogte dertien en 'n half meter.

¹⁶Jy moet 'n dak vir die ark maak en sy nok moet jy vyf en veertig sentimeter hoog maak. Verder moet jy 'n deur aan die kant van die ark insit en 'n onderste, middelste en boonste verdieping maak.

¹⁷“Ek gaan 'n oorstroming oor die aarde laat kom om al wat daarop lewe, te verdelg, elke lewende ding onder die hemel. Alles wat op die aarde is, sal omkom,

¹⁸maar met jou wil Ek 'n verbond sluit. Jy moet in die ark ingaan, jy en jou seuns en jou vrou en jou skoondogters.

¹⁹Van al wat leef, van al die diere, moet jy twee van elk, manlik en vroulik, in die ark laat ingaan om saam met jou aan die lewe te bly.

²⁰Van elke soort voël en dier, ook van dié wat kruip, van almal sal daar twee na jou toe kom om aan die lewe te bly.

²¹Jy moet vir jou kos saamvat, van alles wat geëet kan word, en dit by jou wegpak. Dit sal jou en die diere se kos wees.”

²²Noag het alles gedoen presies soos God hom beveel het.

Genesis 7

¹Toe sê die Here vir Noag: “Jy en jou hele gesin moet in die ark ingaan. Ek het jou gesien en onder hierdie geslag bevind Ek jou regverdig.

²Van al die rein diere moet jy sewe pare, manlik en vroulik, saamvat en van al die onrein diere net een paar, manlik en vroulik.

³Ook uit die voëls moet jy sewe pare, mannetjies en wyfies, saamvat. Dit moet jy doen om al die soorte op die hele aarde aan die lewe te laat bly.

⁴Oor sewe dae sal Ek dit veertig dae en nagte lank laat reën en alles wat leef, wat Ek gemaak het, wegvee van die aarde af.”

⁵Noag het alles gedoen soos die Here hom beveel het.

⁶Noag was ses honderd jaar toe die vloedwaters oor die aarde gekom het.

⁷Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het in die ark ingegaan vir die vloedwaters.

⁸Die rein en die onrein diere, die voëls, en die diere wat kruip,

⁹het in pare, manlik en vroulik, na Noag toe in die ark gekom soos God vir Noag gesê het.

¹⁰Op die sewende dag het die vloedwaters oor die aarde gekom.

¹¹Presies op die sewentiende dag van die tweede maand van die ses honderdste jaar van Noag het die fonteine van die groot waters oopgebreek. Die vensters van die hemel is oopgemaak,

¹²sodat daar 'n stortreën op die aarde geval het, veertig dae en veertig nagte lank.

¹³Dit was die dag waarop Noag en sy seuns, Sem, Gam en Jafet, en sy vrou en sy drie skoondogters almal saam in die ark ingegaan het.

¹⁴Hulle, en elke soort wilde dier en mak dier, en al die soorte diere wat kruip, en elke soort voël, alles wat vlieg, het ingegaan.

¹⁵Van al wat leef, het daar pare-pare na Noag toe in die ark gekom.

¹⁶Hulle het ingekom, manlik en vroulik, soos God vir Noag gesê het. En toe het die Here die ark agter Noag toegesluit.

¹⁷Die oorstroming het oor die aarde gekom, veertig dae lank, en die water het al hoe meer geword. Dit het die ark opgelig en die ark het begin opstyg bokant die aarde.

¹⁸Maar die waters het nog meer en nog sterker geword op die aarde en die ark het op die waters begin dryf.

¹⁹Die waters op die aarde het nog meer en meer geword, sodat hulle al die hoë berge wat daar onder die hemel is, bedek het.

²⁰Die water het amper sewe meter bokant die berge gestyg en dit bedek.

²¹Al wat op die aarde geleef het, het omgekom: diere wat kruip, voëls, mak diere, wilde diere, ja, alles wat op aarde wemel, ook al die mense;

²²alles wat die lewensasem in die neus gehad het, alles wat op land geleef het, is dood.

²³So het God alles wat op die aarde geleef het, uitgewis: mens en dier, ook dié wat kruip, en die voëls, hulle almal is weggevee van die aarde af. Net Noag en dié by hom in die ark is gespaar.

²⁴Die water het die aarde honderd en vyftig dae lank oorstrom.

Genesis 8

¹Toe het God gedink aan Noag en aan al die wilde diere en die mak diere wat by hom in die ark was, en God het 'n wind oor die aarde laat waai, en die waters het teruggetrek.

²Die fonteine van die groot waters en die vensters van die hemel is toegemaak, en die stortreën uit die hemel het opgehou.

³Die water het al hoe meer weggesak van die aarde af. Na honderd en vyftig dae het die water so gesak

⁴dat die ark op die sewentiende van die sewende maand op die Araratberge tot rus gekom het.

⁵Die water het aangehou sak en op die eerste van die tiende maand het die bergtoppe sigbaar geword.

⁶Veertig dae later het Noag die venster wat hy vir die ark ingesit het, oopgemaak

⁷en 'n kraai losgelaat, maar dit het heen en weer gevlieg totdat die water op die aarde opgedroog het.

⁸Noag het toe 'n duif losgelaat om te probeer vasstel of die water al van die aarde af verdwyn het.

⁹Maar oral op die aarde was daar nog water, en die duif kon nie 'n rusplekkie kry vir die holte van sy voet nie en het na Noag toe in die ark teruggekom. Hy het dit toe met sy hand gevang en in die ark teruggesit.

¹⁰Noag het toe nog sewe dae gewag en weer die duif uit die ark uit losgelaat.

¹¹Teen die aand het die duif na hom toe teruggekom, nogal met 'n varsgeplukte olyfblaar in sy bek. Toe het Noag geweet dat die water op die aarde opgedroog.

¹²Hy het nog sewe dae gewag en die duif losgelaat, maar dit het nie weer na hom toe teruggekom nie.

¹³Op die eerste dag van die eerste maand van die ses honderd en eerste jaar van Noag was die water op die aarde heeltemal weggedroog. Noag het die luik van die ark oopgemaak en uitgekyk. Die hele aarde was droog.

¹⁴Op die sewe en twintigste van die tweede maand was die aarde droog,

¹⁵en toe sê God vir Noag:

¹⁶“Gaan uit die ark uit, jy en jou vrou en jou seuns en hulle vrouens,

¹⁷en al die lewende wesens wat by jou is, van watter soort hulle ook al is: voëls, diere en alles wat kruip. Hulle moet saam met jou uitgaan. Hulle moet wemel op die aarde en vrugbaar wees en baie word op die aarde.”

¹⁸Noag en sy seuns en sy vrou en sy skoondogters het uitgegaan,

¹⁹en ook al die diere, al die voëls en alles wat kruip, het uit die ark uitgegaan, almal volgens hulle soorte.

²⁰Toe het Noag 'n altaar vir die Here gebou en van al die rein vee en die rein voëls gevat en brandoffers op die altaar gebring.

²¹Die Here het die offer aanvaar en Hy het by Homself gesê: “Ek sal nie weer so 'n ramp oor die aarde laat kom vanweë die mens nie. Van sy jeug af bedink die mens net slegte dinge, maar Ek sal nie weer al wat lewe laat omkom soos Ek gedoen het nie.

²²“So lank as die aarde bly bestaan, sal saaityd en oestyd nie ophou nie, ook nie koue en hitte, somer en winter, dag en nag nie.”

Genesis 9

God sluit 'n verbond met Noag

¹God het vir Noag en sy seuns geseën en vir hulle gesê: “Wees vrugbaar, word baie en bewoon die aarde.

²Al die diere, al die voëls, al die diere wat kruip, en al die vis sal vir julle bang wees en vir julle skrik. Hulle word tot julle beskikking gestel.

³Alles wat roer en lewe, sal kos wees vir julle. Naas die groen plante gee Ek dit alles vir julle.

⁴Julle mag net nie vleis eet met sy lewe in, dit is met sy bloed in nie.

⁵Wanneer julle eie bloed vergiet word, sal Ek daaroor rekenskap eis, want dit is julle lewe: van 'n dier sal Ek rekenskap eis oor die lewe van 'n mens, en van 'n mens sal Ek rekenskap eis oor die lewe van sy medemens.

⁶“Wie die bloed van 'n mens vergiet, deur 'n mens sal sy bloed vergiet word. God het die mens gemaak as sy verteenwoordiger.

⁷Maar julle moet vrugbaar wees en baie word. Vermeerder op die aarde en word baie! ”

⁸Verder het God vir Noag en sy seuns gesê:

⁹“Kyk, Ek sluit 'n verbond met julle en julle nageslag

¹⁰en met al die lewende wesens by julle: die voëls, die mak diere en die wilde diere by julle, naamlik met al die wilde diere wat uit die ark uitgekom het.

¹¹Ek sal my verbond met julle hou: mens en dier sal nie weer deur vloedwaters uitgewis word nie. Daar sal nie weer 'n oorstroming wees wat die aarde sal oorweldig nie.”

¹²Toe het God gesê: “Dit is die teken van die verbond tussen My en julle en die wilde diere by julle, 'n verbond wat vir alle toekomstige geslagte geld:

¹³my reënboog het Ek in die wolke geplaas. Dit sal die teken wees van die verbond tussen My en die aarde.

¹⁴Wanneer Ek wolke oor die aarde laat saampak, en die reënboog verskyn in hulle,

¹⁵sal Ek dink aan my verbond met julle en al die wilde diere volgens hulle soorte. Daar sal nooit weer vloedwaters kom wat alle lewende wesens uitroei nie.

¹⁶Die reënboog sal in die wolke wees, en wanneer Ek dit sien, sal Ek dink aan die ewige verbond tussen My en al die lewende wesens op die aarde.”

¹⁷God het vir Noag gesê: “Dit is dan die teken van die verbond wat Ek tot stand gebring het tussen My en al die lewende wesens op die aarde.”

¹⁸Noag se seuns wat uit die ark gekom het, was Sem, Gam en Jafet. Gam was die pa van Kanaän.

¹⁹Dit was Noag se drie seuns en uit hulle is die hele aarde bevolk.

Noag plant 'n wingerd

²⁰Noag was 'n boer, die eerste wat 'n wingerd geplant het.

²¹Hy het wyn gedrink en dronk geword. Toe het hy kaal in sy tent gelê.

²²Gam, die pa van Kanaän, het gesien sy pa is kaal en het dit buite vir sy twee broers gaan vertel.

²³Sem en Jafet het toe 'n kledingstuk van Noag gevat, dit oor hulle skouers gehou en agteruit geloop en hulle pa toegemaak. Hulle het anderpad gekyk, sodat hulle nie hul pa kaal sou sien nie.

²⁴Toe Noag uit sy roes wakker word en verneem wat Gam, sy jongste, hom aangedoen het,

²⁵sê hy: “Vervloek is Kanaän! ‘n Nikswerd slaaf sal hy wees, in diens van sy broers.”

²⁶Verder het hy gesê: “Prys die Here, die God van Sem! Kanaän moet Sem se slaaf wees.

²⁷Mag God aan Jafet 'n ruim woonplek gee, mag hy welkom wees in die tente van Sem. Kanaän moet Jafet se slaaf wees.”

²⁸Na die oorstroming het Noag nog drie honderd en vyftig jaar geleef.

²⁹Noag was dus nege honderd en vyftig jaar toe hy gesterf het.

Genesis 10

Die nageslag van Jafet, Gam en Sem

(Vgl. 1 Kron. 1:4-23)

¹Hier volg besonderhede oor Noag se seuns, Sem, Gam en Jafet. Na die oorstroming is daar ook vir hulle kinders gebore.

²Die nageslag van Jafet: Gomer, Magog, die Mediërs, die Grieke, Tubal, Mesek en Tiras.

- ³Die nageslag van Gomer was Askenas, Rifat en Togarma.
- ⁴Uit Griekeland het Elisa, Tarsis, die Kittiers en die Rodaners voortgekom.
- ⁵Uit hulle het die mense wat nou die kusstreke bewoon, daarnatoe versprei, volgens hulle stamme en nasies, elkeen met sy eie taal.
- ⁶Die nageslag van Gam: Kus, Egipte, Put en Kanaän.
- ⁷Die nageslag van Kus was Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka. Die nageslag van Rama was Skeba en Dedan.
- ⁸Uit Kus het Nimrod gekom, die eerste maghebber op die aarde.
- ⁹Hy was 'n dapper jagter, ook in die oë van die Here. Daarom word daar gesê: “'n Dapper jagter in die oë van die Here, soos Nimrod.”
- ¹⁰Nimrod se koninkryk het begin by Babel, Erech, Akkad en Kalne, almal in Sinar.
- ¹¹Van hier af het hy na Assirië toe gegaan en Nineve, Regobot-Ir en Kalag gebou,
- ¹²asook Resen tussen Nineve en Kalag. Resen was 'n groot stad.
- ¹³Uit Egipte weer het gekom die Ludeërs, Anammers, Lehabeërs, Naftogiete,
- ¹⁴Patrosane en die Kaslugiete uit wie die Filistyne kom, en die Kaftorane.
- ¹⁵Uit Kanaän het gekom Sidon wat as sy oudste seun geld, en verder Het,
- ¹⁶die Jebusiete, Amoriete, Girgasiete,
- ¹⁷Hewiete, Erekiete, Siniete,
- ¹⁸Arwadters, Semariërs en die mense van Hamat. Met verloop van tyd het die Kanaänitiese stamme versprei
- ¹⁹en het hulle grense gestrek van Sidon af tot by Gasa in die rigting van Gerar en tot by Lesa in die rigting van Sodom, Gomorra, Adma en Sebojim.
- ²⁰Hulle is almal die nageslag van Gam, met hulle eie stamme en tale in hulle eie lande en onder hulle eie nasies.

²¹Vir Sem is daar ook kinders gebore. Hy was die voorvader van al die Hebreërs. Sy oudste broer was Jafet.

²²Die nageslag van Sem: Elam, Assirië, Arpaksad, Lud en Aram.

²³Die nageslag van Aram was Us, Gul, Geter en Mas.

²⁴Uit Arpaksad het Selag gekom, en uit Selag Heber.

²⁵Vir Heber is twee seuns gebore. Die naam van die een was Peleg, want in sy tyd is die land verdeel, en die naam van sy broer was Joktan.

²⁶Uit Joktan het gekom Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag,

²⁷Hadoram, Usal, Dikla,

²⁸Obal, Abimael, Skeba,

²⁹Ofir, Gawila en Jobab. Hulle almal het uit Joktan voortgekom.

³⁰Hulle nedersettings het gestrek van Mesa af in die rigting van Sefar in die oostelike bergwêreld.

³¹Hulle is almal die nageslag van Sem, met hulle eie stamme en tale, in hulle eie lande en onder hulle eie nasies.

³²Dit is die stamme van die seuns van Noag volgens hulle herkoms onder hulle eie nasies. Uit hulle het die nasies oor die aarde versprei ná die oorstroming.

Genesis 11

Die toring van Babel

¹Die hele wêreld het net een taal gepraat.

²Toe die mense ooswaarts getrek het, het hulle uitgekom by 'n vlakte in Sinar en daar gaan woon.

³Hulle het op 'n keer vir mekaar gesê: “Kom ons maak stene en ons brand hulle hard.” Hulle het toe stene in plaas van klip gebruik en asfalt in plaas van klei.

⁴Toe sê hulle: “Kom ons bou vir ons 'n stad met 'n toring waarvan die punt tot in die hemel reik en ons maak so vir ons 'n naam. Dan sal ons nie oor die hele aarde versprei nie.”

⁵Die Here het afgekom om te kyk na die stad en die toring wat die mense vir hulle gebou het,

⁶en toe sê Hy: “Hier is hulle een volk en almal het een taal. Hulle het nog maar net begin om iets te doen. Hierna sal niks wat hulle beplan vir hulle onmoontlik wees nie.

⁷Kom laat Ons afgaan en verwarring bring in hulle taal, sodat die een nie die ander verstaan nie.”

⁸Die Here het hulle toe van daar af verstrooi oor die hele aarde, en hulle het opgehou met die bou van die stad.

⁹Daarom het hulle die stad Babel genoem, want daar het die Here in die taal van die aarde verwarring gebring, en van daar af het Hy die mense oor die hele aarde verstrooi.

Die nageslag van Sem

(Vgl. Gen. 10:22-29)

¹⁰Hier volg die familieregister van Sem. Toe Sem 100 was, het hy die vader geword van Arpaksad, twee jaar na die oorstroming.

¹¹Sem het na die geboorte van Arpaksad nog 500 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

¹²Toe Arpaksad 35 was, het hy die vader geword van Selag.

¹³Arpaksad het na die geboorte van Selag nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

¹⁴Toe Selag 30 was, het hy die vader geword van Heber.

¹⁵Selag het na die geboorte van Heber nog 403 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

¹⁶Toe Heber 34 was, het hy die vader geword van Peleg.

¹⁷Heber het na die geboorte van Peleg nog 430 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

¹⁸Toe Peleg 30 was, het hy die vader geword van Reü.

¹⁹Peleg het na die geboorte van Reü nog 209 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

²⁰Toe Reü 32 was, het hy die vader geword van Serug.

²¹Reü het na die geboorte van Serug nog 207 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

²²Toe Serug 30 was, het hy die vader geword van Nahor.

²³Serug het na die geboorte van Nahor nog 200 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

²⁴Toe Nahor 29 was, het hy die vader geword van Tera.

²⁵Nahor het na die geboorte van Tera nog 119 jaar geleef en het seuns en dogters gehad.

²⁶Toe Tera 70 was, het hy die vader geword van Abram, Nahor en Haran.

²⁷Hier volg die familiegeskiedenis van Tera. Tera het die vader geword van Abram, Nahor en Haran, en Haran het die vader geword van Lot.

²⁸Haran het in Ur van die Galdeërs, sy geboorteland, gesterf toe sy vader Tera nog geleef het.

²⁹Abram het getrou en Nahor ook: Abram se vrou se naam was Sarai en dié van Nahor se vrou was Milka, 'n dogter van Haran wat nie net die vader van Milka was nie, maar ook van Jiska.

³⁰Sarai was onvrugbaar; sy het nie kinders gehad nie.

³¹Tera het sy seun Abram geneem en ook sy kleinseun Lot seun van Haran, en sy skoondogter Sarai die vrou van sy seun Abram, en saam met hulle uit Ur van die Galdeërs weggetrek om na Kanaän toe te gaan. Maar hulle het net tot by Haran getrek en in dié stad gaan woon.

³²Tera was twee honderd en vyf jaar oud toe hy in Haran gesterf het.

Genesis 12

Die roeping van Abram

¹Die Here het vir Abram gesê: “Trek uit jou land uit, weg van jou mense en jou familie af na die land toe wat Ek vir jou sal aanwys.

²Ek sal jou 'n groot nasie maak, Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees.

³Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees.”

⁴Abram het toe weggetrek, gehoorsaam aan die woord van die Here, en Lot het saam met hom getrek. Abram was vyf en sewentig toe hy uit Haran weggetrek het.

⁵Hy het sy vrou Sarai en sy broerskind Lot en al die besittings wat hulle bymekaargemaak het en al die slawe wat hulle in Haran aangeskaf het, saamgevat en hulle het weggetrek na Kanaän toe. Nadat hulle in Kanaän aangekom het,

⁶het Abram deur die land getrek tot by Sigem se aanbiddingsplek by die groot waarsêersboom. In daardie tyd het die Kanaäniete die land bewoon.

⁷Toe het die Here aan Abram verskyn en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land.” Abram het daar 'n altaar gebou vir die Here wat aan hom verskyn het.

⁸Van daar af het Abram verder getrek na die bergwêreld toe, oos van Bet-El, waar hy tent opgeslaan het met Bet-El aan die westekant en Ai aan die oostekant. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou en die Naam van die Here aangeriep.

⁹Toe het Abram kamp opgebreek en al gaande na die Suidland toe versit.

Abram in Egipte

¹⁰Daar was hongersnood in die land, 'n baie swaar hongersnood, en Abram het na Egipte toe getrek om daar 'n heenkome te vind.

¹¹Toe hy op die punt staan om Egipte binne te gaan, sê hy vir sy vrou Sarai: “Ek weet jy is 'n mooi vrou.

¹²Wanneer die Egiptenaars jou sien, sal hulle sê: ‘Dis sy vrou,’ en hulle sal my doodmaak, maar vir jou sal hulle laat bly lewe.

¹³Sê tog maar jy is my suster dat dit met my goed kan gaan oor jou, en my lewe deur jou toedoen gespaar word.”

¹⁴Toe Abram in Egipte aankom, het die Egiptenaars gesien hoe mooi sy vrou is.

¹⁵En toe die farao se amptenare haar sien, het hulle haar by hom aanbeveel, en sy is na die farao se paleis toe gevat.

¹⁶Hulle het aan Abram goed gedoen oor haar en vir hom kleinvee en beeste gegee; ook donkies, slawe en slavinne, donkiemerries en kamele.

¹⁷Maar die Here het die farao en sy huis met swaar plaë getref oor Sarai die vrou van Abram.

¹⁸Toe roep die farao vir Abram en vra hom: “Wat het jy my aangedoen? Waarom het jy my nie gesê sy is jou vrou nie?

¹⁹Waarom het jy gesê sy is jou suster, sodat ek haar as my vrou gevat het? Hier is jou vrou dan. Vat haar en maak dat jy wegkom! ”

²⁰Toe het die farao aan sy amptenare bevele oor Abram uitgereik, en hulle het hom en sy vrou met al sy besittings uit die land uit gestuur.

Genesis 13

Abram en Lot gaan uitmekaar

¹Abram het uit Egipte na die Suidland toe getrek, hy en sy vrou met al sy besittings, en Lot saam met hom.

²Abram was baie ryk aan vee en silwer en goud.

³Hy het van plek tot plek uit die Suidland getrek na Bet-El toe, na die plek waar sy tente aan die begin gestaan het, tussen Bet-El en Ai,

⁴die plek waar hy vroeër 'n altaar gebou het. Daar het Abram die Naam van die Here aangeriep.

⁵Lot, wat saam met Abram getrek het, het self ook baie kleinvee en beeste en tente vir sy mense gehad.

⁶Die land kon nie in Abram en Lot saam se behoeftes voorsien sodat hulle bymekaar kon bly nie. Hulle besittings was te veel; hulle kon nie bymekaar bly nie.

⁷Die Kanaäniete en die Feresiete het ook nog in die gebied gewoon. Daar het toe 'n getwis ontstaan tussen Abram se veewagters en Lot s'n.

⁸Toe sê Abram vir Lot: “Daar behoort nie 'n getwis te wees tussen my en jou en tussen my veewagters en joune nie, want ons is familie.

⁹Die hele land lê oop voor jou. Gaan jy liewer weg van my af. As jy links gaan, gaan ek regs; en as jy regs gaan, gaan ek links.”

¹⁰Lot het toe rondgekyk en gesien die hele Jordaanstreek tot by Soar het so volop water soos 'n tuin van die Here, soos Egipte. Dit was naamlik nog voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het.

¹¹Lot het die hele Jordaanstreek vir hom gekies en hy het ooswaarts versit. So het die twee van mekaar geskei:

¹²Abram het in Kanaän bly woon, en Lot het in die stede van die Jordaanstreek gewoon; tot by Sodom het hy gaan tent opslaan.

¹³Die inwoners van Sodom was sleg: hulle het baie gesondig teen die Here.

¹⁴Nadat Lot van Abram af weg is, het die Here vir Abram gesê: “Kyk tog rond, kyk van hier af waar jy is, na die noorde en die suide, na die ooste en die weste.

¹⁵Die hele land wat jy sien, gee Ek vir altyd aan jou en jou nageslag.

¹⁶Ek sal jou nageslag so baie maak soos die stof van die aarde. As iemand die stof van die aarde kan tel, sal jou nageslag ook getel kan word.

¹⁷Trek nou deur die land, deur sy lengte en sy breedte, want Ek gee dit vir jou.”

¹⁸Abram het sy tente versit en gaan woon by die groot bome van Mamre by Hebron. Daar het hy 'n altaar vir die Here gebou.

Genesis 14

Abram red vir Lot en ontmoet vir Melgisedek

- ¹Dit was in dié tyd dat koning Amrafel van Sinar, koning Arjok van Ellasar, koning Kedorlaomer van Elam en koning Tidal van Gojim
- ²oorlog gemaak het teen koning Bera van Sodom, koning Birsa van Gomorra, koning Sinab van Adma, koning Semeber van Sebojim, en teen die koning van Bela, dit is Soar,
- ³en as bondgenote opgetrek het na die Siddimvlakte toe, dit is vandag die Soutsee.
- ⁴Twaalf jaar was die gebied onderhorig aan Kedorlaomer, maar in die dertiende jaar het dit gerebelleer.
- ⁵In die veertiende jaar het Kedorlaomer en die konings wat saam met hom was, gekom en die Refaïete verslaan in Asterot-Karnajim, die Sussiete in Ham, die Emiete in die Kirjatajimvlakte
- ⁶en die Goriëte in die Seirberge tot by El-Paran in die woestyn.
- ⁷Kedorlaomer-hulle het toe omgedraai en by En-Mispat gekom, dit is Kades, en daar het hulle die hele gebied van die Amalekiete verower en ook nog die gebied van die Amoriete wat toe in Gaseson-Tamar gewoon het.
- ⁸Die konings van Sodom, Gomorra, Adma, Sebojim en Bela, dit is Soar, het toe opgetrek en in die Siddimvlakte teenoor die ander konings stelling ingeneem om te veg,
- ⁹teenoor koning Kedorlaomer van Elam, koning Tidal van Gojim, koning Amrafel van Sinar, koning Arjok van Ellasar, vyf konings teen vier.
- ¹⁰In die Siddimvlakte was daar oral asfaltgate, en toe die konings van Sodom en Gomorra gevlug het, het hulle daarin geval. Wie van hulle oorgebly het, het na die berge toe gevlug.
- ¹¹Die vier konings het al die besittings van Sodom en Gomorra en ook al hulle kos buitgemaak en vertrek.

¹²Hulle het ook vir Lot, Abram se broerskind, en al sy besittings gevat en vertrek. Hy het daardie tyd in Sodom gewoon.

¹³Daar het egter iemand ontsnap en dié het alles gaan vertel vir Abram die Hebreër wat gewoon het by die groot bome van die Amoriet Mamre, 'n broer van Eskol en Aner. Hulle drie het 'n verdrag met Abram gesluit.

¹⁴Toe Abram hoor dat sy familielid weggevoer is, het hy sy volgelinge, drie honderd en agtien slawe wat by hom gebore is, hulle wapens laat vat en die konings agtervolg tot by Dan.

¹⁵Die nag het Abram en sy manne hulle van verskillende kante af aangeval en verslaan. Hy het hulle agtervolg tot by Goba, noord van Damaskus.

¹⁶Abram het al die besittings teruggekry. Hy het ook vir Lot, sy familielid, met al sy besittings teruggekry, ook die vrouens en al die ander mense.

¹⁷Toe Abram terugkom van sy oorwinning oor Kedorlaomer en die konings by hom, het die koning van Sodom vir Abram tegemoet gegaan in die Sawevlakte, dit is die Koningsvlakte.

¹⁸Melgisedek, koning van Salem en priester van God die Allerhoogste, het vir Abram kos en wyn gebring

¹⁹en hom geseën: “Mag Abram geseën word deur God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde.

²⁰Geloof sy God die Allerhoogste! Hy het jou vyand in jou mag oorgegee.” Toe het Abram vir Melgisedek 'n tiende van alles gegee.

²¹Die koning van Sodom het vir Abram gesê: “Gee my net die mense en vat die besittings vir jou.”

²²Maar Abram het hom geantwoord: “Ek het my hand opgelig en 'n eed afgelê voor die Here, voor God die Allerhoogste, Skepper van hemel en aarde,

²³dat ek niks van jou sal vat nie, nie eers 'n garingdraad of 'n skoenveter nie, sodat jy nie kan sê: ‘Ek het vir Abram ryk gemaak’ nie.

²⁴Afgesien van wat my manskappe geëet het, kan jy my buite rekening laat. Maar die manne wat saam met my gegaan het, Aner, Eskol en Mamre, hulle moet hulle deel kry.”

Genesis 15

Die Here sluit 'n verbond met Abram

¹Hierna het die woord van die Here in 'n gesig tot Abram gekom: “Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees.”

²Toe sê Abram: “Here my God, wat kan U vir my gee? Ek sal kinderloos sterf, en Eliëser die man uit Damaskus sal my besittings kry.”

³Abram het verder gesê: “U het nie vir my 'n nageslag gegee nie. 'n Slaaf uit my huis sal my erfgenaam wees.”

⁴Maar die woord van die Here het tot Abram gekom: “Daardie een sal nie jou erfgenaam wees nie. Een wat jou eie nasaat is, hy sal jou erfgenaam wees.”

⁵Toe het die Here vir Abram buitentoe laat gaan en vir hom gesê: “Kyk op na die hemel en tel die sterre as jy kan.” Verder sê die Here vir hom: “So baie sal jou nageslag wees.”

⁶Abram het toe in die Here geglo, en die Here het dit goedgevind dat Abram so volgens die wil van die Here gehandel het.

⁷Hy het vir Abram gesê: “Ek is die Here wat jou uit Ur van die Galdeërs laat wegtrek het om hierdie land aan jou te gee as jou besitting.”

⁸Maar Abram vra: “Hoe sal ek weet dat ek dit sal besit, Here my God? ”

⁹Toe beveel die Here hom: “Bring vir My 'n vers, 'n bok en 'n skaapram, almal drie jaar oud, en 'n tortelduif en 'n jong duif.”

¹⁰Abram het dit alles vir die Here gebring en dit middeldeur gesny. Hy het elke helfte teenoor die ander helfte neergesit. Die voëls het hy nie verdeel nie.

¹¹Die roofvoëls het op die karkasse begin toesak, maar Abram het hulle weggejaag.

¹²Teen sononder het 'n diep slaap Abram oorval; ang, 'n groot donkerte het hom oorweldig.

¹³Toe sê die Here vir Abram: “Weet beslis dat jou nageslag vreemdelinge sal wees in 'n land wat nie aan hulle behoort nie. Daar sal hulle slawe wees en onderdruk word, vier honderd jaar lank.

¹⁴Maar Ek sal die nasie straf wat van jou nageslag slawe maak, en dan sal hulle met baie besittings wegtrek.

¹⁵Jy sal in vrede sterf en op 'n hoë ouderdom begrawe word.

¹⁶Die vierde geslag ná jou sal hiernatoe terugkom. Dan eers sal die ongeregtigheid van die Amoriëte sy volle maat bereik het.”

¹⁷Toe die son ondergegaan het en dit donker was, gaan daar skielik 'n oond wat rook en 'n fakkel wat brand, tussen die stukke vleis deur.

¹⁸Op daardie dag het die Here 'n verbond gesluit met Abram en vir hom gesê: “Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van Egiptespruit af tot by die Eufraat, die groot rivier;

¹⁹die land van die Keniëte, die Kenissiëte en die Kadmoniëte,

²⁰die Hetiëte, die Feresiëte en die Refaïëte,

²¹die Amoriëte, die Kanaäniete, die Girgasiëte en die Jebusiëte.”

Genesis 16

Abram, Sarai en Hagar

¹Sarai het nog nie vir haar man Abram 'n kind in die wêreld gebring gehad nie. Sy het 'n Egiptiese slavin met die naam Hagar gehad.

²Toe sê Sarai vir Abram: “Die Here het my nou eenmaal daarvan weerhou om kinders te kan hê. Gaan slaap by my slavin. Miskien bring sy 'n kind in die wêreld wat my eie kan word.” En Abram het saamgestem met sy vrou.

³Abram was al tien jaar in Kanaän toe Sarai, die vrou van Abram, self vir Hagar, haar Egiptiese slavin, gevat en vir haar man Abram as vrou gegee het.

⁴Hy het by Hagar gaan slaap, en sy het swanger geword. Toe sy agterkom sy is swanger, het sy haar eienares geminag.

⁵Toe sê Sarai vir Abram: “Jy dra die skuld vir hierdie onreg wat ek moet verduur. Ek het my slavin vir jou gegee om met haar gemeenskap te hê, en noudat sy agterkom sy is swanger, minag sy my. Mag die Here hierdie saak tussen my en jou uitwys.”

⁶Maar Abram sê vir Sarai: “Jou slavin staan onder jou. Doen met haar soos jy goeddink.” Sarai het haar slavin toe sleg behandel, en sy het weggeloop.

⁷Die Engel van die Here het vir Hagar ontmoet by 'n fontein in die woestyn, die fontein langs die pad na Sur toe,

⁸en vir haar gevra: “Hagar, slavin van Sarai, waar kom jy vandaan en waar gaan jy heen? ” Toe antwoord sy: “Ek loop van my eienares Sarai af weg,”

⁹en die Engel van die Here sê vir haar: “Gaan terug na jou eienares toe en onderwerp jou aan haar gesag.”

¹⁰Verder het die Engel van die Here vir haar gesê: “Ek sal jou nageslag so baie maak dat hulle te veel sal wees om te tel.”

¹¹En toe sê die Engel van die Here ook nog vir haar: “Kyk, jy is swanger; jy sal 'n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Ismael noem, want die Here het van jou swaarkry gehoor.

¹²Jou seun sal 'n man wees so ontembaar soos 'n wildedonkie: hy sal teen almal wees, en almal sal teen hom wees. Hy sal in vyandskap leef met sy bloedverwante.”

¹³Hagar het toe die Naam van die Here wat daar met haar gepraat het, aangeroep en gesê: “U is 'n God wat my sien, hier het ek Hom gesien wat my gesien het.”

¹⁴Daarom word die fontein genoem Lagai-Roï-fontein. Die fontein is tussen Kades en Bered.

¹⁵Hagar het vir Abram 'n seun in die wêreld gebring, en Abram het sy seun wat Hagar in die wêreld gebring het, Ismael genoem.

¹⁶Abram was ses en tagtig toe Hagar vir Ismael vir hom in die wêreld gebring het.

Genesis 17

Die besnydenis as verbondsteken

¹Toe Abram nege en negentig jaar oud was, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Lewe naby My en wees opreg!

²Ek sal my verbond met jou sluit en baie, baie mense uit jou laat voortkom.”

³Abram het op sy knieë geval, en toe sê God vir hom:

⁴“Dit is my verbond met jou: jy sal die vader wees van 'n menigte nasies;

⁵jy sal nie meer Abram genoem word nie, jou naam sal Abraham wees, want Ek maak jou die vader van baie nasies.

⁶Ek sal jou baie vrugbaar maak, Ek sal jou tot nasies maak, en konings sal uit jou voortkom.

⁷“Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.

⁸Ek gee aan jou en jou nageslag die land waar jy as vreemdeling woon, die hele Kanaän, as 'n blywende besitting, en Ek sal hulle God wees.”

⁹Verder het God vir Abraham gesê: “Jy moet my verbond nakom, jy en jou nageslag en al hulle nageslagte.

¹⁰Dit is my verbond wat moet geld vir jou en jou nageslag: elke lid van die manlike geslag onder julle moet besny word.

¹¹Julle moet besny word aan die voorhuid. Dit is die verbondsteken tussen My en julle:

¹²elke seun onder julle van ag dae oud moet besny word. Dit geld vir elke lid van die manlike geslag onder julle: al julle nageslagte en ook elke slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en die slawe wat van 'n vreemde met geld gekoop word, wat nie jou afstammeling is nie.

¹³'n Slaaf wat as kind in jou besit gebore word, en een wat vir geld gekoop word, moet beslis besny word. So sal my verbondsteken aan julle liggame wees as 'n blywende verbond.

¹⁴Elke lid van die manlike geslag wat nie besny is nie, moet van sy volksgenote afgesny word. Hy het my verbond verbreek.”

¹⁵God het ook nog vir Abraham gesê: “Jy moet jou vrou nie meer Sarai noem nie. Haar naam is nou Sara.

¹⁶Ek sal haar seën en vir jou 'n seun uit haar gee. Ja, Ek sal haar seën, en nasies en konings van volke sal uit haar voortkom.”

¹⁷Toe het Abraham op sy knieë geval en hy het gelag en gedink: kan daar vir 'n man van honderd 'n kind gebore word, of kan Sara wat negentig is, 'n kind in die wêreld bring?

¹⁸En Abraham het vir God gesê: “As Ismael maar net in u teenwoordigheid kan bly lewe! ”

¹⁹Maar God het vir Abraham gesê: “Nee, jou vrou Sara sal vir jou 'n seun in die wêreld bring. Jy moet hom Isak noem. Ek sal my verbond met hom hou as 'n blywende verbond, en ook met sy nageslag.

²⁰Ek het gehoor wat jy oor Ismael gesê het. Kyk, Ek seën hom ook. Ek maak hom vrugbaar, en Ek sal sy nakomelinge baie maak. Uit hom sal daar twaalf heersers stam, en Ek sal hom 'n groot nasie laat word.

²¹Maar dit is met Isak, die seun wat Sara vir jou oor 'n jaar in die wêreld sal bring, dat Ek my verbond sal nakom.”

²²Nadat God klaar met Abraham gepraat het, het Hy van Abraham af weggegaan.

²³Op daardie selfde dag het Abraham sy seun Ismael gevat en al die slawe wat in sy besit gebore is, en ook dié wat hy met geld gekoop het, elke lid van die manlike geslag in sy huis, en hy het hulle besny, soos God vir hom gesê het.

²⁴Abraham was nege en negentig toe hy besny is,

²⁵en sy seun Ismael dertien.

²⁶Abraham en Ismael is op presies dieselfde dag besny.

²⁷Al die mans in Abraham se huis, die slawe wat in sy besit gebore is, en dié wat hy van vreemdes gekoop het, is saam met hom besny.

Genesis 18

Abraham ontvang drie besoekers

¹Die Here het aan Abraham verskyn by die groot bome van Mamre. Terwyl hy op die warmste van die dag by sy tentdeur sit,

²kyk hy op en sien drie mans daar naby staan. Toe hy hulle sien, het hy van sy tentdeur af na hulle toe gedraf en voor hulle gebuig.

³Hy het gesê: “Menere, u sal my 'n guns bewys deur nie by my verby te gaan nie.

⁴Laat ek eers 'n bietjie water laat haal sodat u u voete kan was, en kom rus dan onder die boom.

⁵U is nou eenmaal op pad hier by my verby, en daarom wil ek 'n stukkie brood vir u gaan haal dat u weer nuwe krag kan kry.” Hulle het vir hom gesê: “Goed! Maak so! ”

⁶Abraham het toe gou na Sara toe in die tent gegaan en vir haar gesê: “Vat gou sestien kilogram meel en knie dit en bak roosterkoeke.”

⁷Daarna het hy na die beeste toe gedraf en 'n mooi jong kalf gevat en vir 'n slaaf gegee om dit gou voor te berei.

⁸Toe het Abraham botter en melk en die kalf wat voorberei is, gevat en voor die mans neergesit, en hulle het daar onder die boom geëet terwyl hy hulle bedien.

⁹Toe vra hulle hom: “Waar is jou vrou Sara? ” en hy antwoord: “Hier in die tent.”

¹⁰Toe sê die een: “Ek sal beslis volgende jaar hierdie tyd na jou toe terugkom, en dan sal jou vrou Sara 'n seun hê.” Sara het by die tentopening gestaan en afluister, en die een wat gepraat het, was aan die buitekant.

¹¹Abraham en Sara was albei al baie oud, en Sara was verby die ouderdom van kinders in die wêreld bring,

¹²en daarom het sy by haarself gelag en gedink: sal ek nog genot kan hê nou dat ek afgeleef is? En dit met my man wat oud is?

¹³Toe vra die Here vir Abraham: “Waarom lag Sara? Waarom dink sy: sal ek werklik 'n kind in die wêreld bring nou dat ek oud is?

¹⁴Is iets te buitengewoon vir die Here? Op die vasgestelde tyd sal Ek terugkom. Volgende jaar hierdie tyd sal Sara 'n seun hê.”

¹⁵Sara het geskrik en toe 'n leuen vertel. “Ek het nie gelag nie,” het sy gesê. Maar die Here het gesê: “Nee, jy het gelag.”

Abraham pleit vir Sodom se mense

¹⁶Toe die mans opstaan om te vertrek, het Abraham 'n entjie saam met hulle gestap. Die mans het afgekyk in die rigting van Sodom,

¹⁷en toe dink die Here: sal Ek vir Abraham wegsteek wat Ek wil doen?

¹⁸Abraham sal tog 'n groot en sterk nasie word en in hom sal al die nasies van die aarde geseën word.

¹⁹Ek het hom gekies dat hy sy kinders en sy nageslag kan beveel om op my pad te bly deur te doen wat goed en reg is, sodat Ek vir Abraham kan doen wat Ek hom beloof het.

²⁰Toe sê die Here: “Die geroep teen Sodom en Gomorra is hard. Hulle sonde is baie groot!

²¹Ek wil gaan kyk sodat Ek kan weet of hulle ooreenkomstig die geroep wat tot by My gekom het, gehandel het of nie.”

- ²²Die mans het weggedraai Sodom toe, maar die Here het by Abraham bly staan.
- ²³Abraham het toe nader gekom na die Here toe en gevra: “Sal U die regverdiges saam met die goddeloses vernietig?”
- ²⁴Miskien is daar vyftig regverdiges in die stad. Sal U die plek werklik vernietig? Sal U dit nie spaar oor vyftig regverdiges daarin nie?
- ²⁵U sal tog nie so iets doen en die regverdiges saam met die goddeloses om die lewe bring nie! U sal tog nie die regverdiges soos die goddeloses behandel nie! Sal die regter van die hele aarde dan nie reg laat geskied nie? ”
- ²⁶Toe sê die Here: “As Ek vyftig regverdiges in Sodom kry, sal Ek die hele plek spaar oor hulle.”
- ²⁷Abraham het gesê: “Ek is maar net stof en as, en tog het ek gewaag om met die Here te praat.
- ²⁸Sê nou die regverdiges is vyf minder as vyftig: sal U die hele stad vir vyf verdelg? ” Hierop antwoord die Here: “Ek sal dit nie verdelg as Ek vyf en veertig daar kry nie.”
- ²⁹Toe praat Abraham weer met die Here: “Miskien sal daar veertig gevind word,” en die Here sê: “Ook oor veertig sal Ek dit nie doen nie.”
- ³⁰Abraham sê toe: “Moet tog nie kwaad word as ek nog 'n keer praat nie, Here. Miskien sal daar dertig te kry wees,” en die Here sê: “Ek sal dit nie doen as Ek dertig daar kry nie.”
- ³¹Maar Abraham sê: “Ek bly waag om met die Here te praat. Miskien word daar twintig gekry,” en die Here sê: “Oor die twintig sal Ek dit nie verdelg nie.”
- ³²Toe sê Abraham: “Moet tog nie kwaad word nie, Here! Ek wil nog net een keer praat; miskien word daar tien gekry.” En die Here sê: “Ook oor tien sal Ek dit nie verdelg nie.”
- ³³Toe die Here klaar met Abraham gepraat het, het Hy weggegaan, en Abraham het na sy plek toe teruggegaan.

Genesis 19

Lot en sy mense word gered uit Sodom

¹Die twee engele het Sodom teen die aand bereik terwyl Lot juis in die poort van Sodom sit. Toe Lot hulle sien, het hy hulle tegemoet gegaan en diep gebuig

²en gesê: “Welkom, Menere! Kom tog na my huis toe en oornag daar. Julle kan ook julle voete was. Dan kan julle môre vroeg julle reis voortsit.” Maar hulle sê: “Nee, ons sal sommer op die plein oornag.”

³Lot het egter so by hulle aangehou dat hulle by hom ingedraai en in sy huis ingegaan het. Hy het vir hulle 'n maaltyd klaargemaak: hy het ongesuurde brood gebak, en hulle het geëet.

⁴Voor hulle die aand gaan slaap het, het die mans oral uit die stad uit, die mans van Sodom, oud en jonk, die hele klomp, die huis van Lot omsingel.

⁵Hulle het vir Lot geroep en vir hom gevra: “Waar is die mans wat vanaand na jou toe gekom het? Bring hulle uit na ons toe. Ons wil geslagsgemeenskap met hulle hê.”

⁶Toe het Lot na die mans van Sodom toe uitgegaan. Nadat hy die deur agter hom gesluit het,

⁷het hy gesê: “Nee, vriende! Moenie so 'n verkeerde ding doen nie.

⁸Ek het twee dogters. Hulle het nog nie gemeenskap met 'n man gehad nie. Ek sal hulle vir julle laat uitkom, doen julle dan met hulle wat julle wil. Moet net nie iets doen aan hierdie mans nie, want hulle het onder die beskerming van my dak ingekom.”

⁹Toe roep die mans van Sodom: “Gee pad! ” En hulle sê: “Hierdie kêrel het as vreemdeling hierheen gekom, en nou wil hy regter speel. Ons sal hom nog meer kwaad aandoen as vir sy besoekers.” Hulle het vir Lot teruggedruk en nader gekom om die deur oop te breek.

¹⁰Toe het die mans wat in sy huis was, vir Lot binnetoe getrek na hulle toe en die deur gesluit,

¹¹en die mans buite by die deur, oud en jonk, laat blind word sodat hulle nie die deur kon kry nie.

¹²Die mans by Lot sê toe vir hom: “Wie van jou mense is nog hier? Skoonseuns of seuns of dogters of wie jy ook al in die stad het, vat hulle uit die plek uit!

¹³Ons gaan hierdie plek verdelg. Daar is 'n groot geroep by die Here oor die plek en sy mense, en Hy het ons gestuur om die plek te verdelg.”

¹⁴Lot het toe vir sy aanstaande skoonseuns gaan sê: “Kom uit hierdie plek uit, want die Here gaan hierdie stad verdelg,” maar hulle het gedink Lot maak 'n grap.

¹⁵Toe die dag begin breek, het die engele hom aangejaag en gesê: “Kom nou! Vat jou vrou en jou twee dogters wat by jou is, anders sterf jy wanneer die stad sy straf kry.”

¹⁶Toe Lot nog talm, het die twee mans hom en sy vrou en sy twee dogters aan die hand gegryp en hulle uit die stad uit gevat, want die Here het Hom oor Lot ontferm.

¹⁷Nadat hulle vir Lot-hulle buite die stad gebring het, sê een van die mans vir hom: “Vlug vir jou lewe! Moenie omkyk nie! Moenie êrens in die vlakte vertoef nie, vlug berge toe, anders word jy omgebring.”

¹⁸Maar hy sê vir hulle: “Asseblief tog, Menere,

¹⁹u was al so goed vir my en u het my al so 'n groot guns bewys deur my lewe te spaar, maar ek sal nie berge toe kan vlug nie. Die ramp sal my inhaal voor ek daar is en ek sal omkom.

²⁰Kyk, hier naby is 'n dorpie waarheen ek kan vlug. Ek wil daarheen vlug en so my lewe red. Dit is maar 'n ou klein dorpie.”

²¹Toe sê die engel vir hom: “Ook wat dit betref, staan ek jou versoek toe. Ek sal nie die dorp waarvan jy praat, verwoes nie.

²²Vlug gou daarnatoe, want ek kan niks aan die ander stede doen voordat jy in die dorpie aangekom het nie.” Dit is waarom hulle die dorpie Soar noem.

²³Net toe die son opkom, het Lot in Soar aangekom.

²⁴Toe het die Here swael en vuur van Hom af, uit die hemel uit, laat reën op Sodom en Gomorra.

²⁵En God het die stede en die hele vlakte verwoes en al hulle inwoners om die lewe gebring; selfs die plante in die omgewing is uitgeroei.

²⁶Lot se vrou het omgekyk en sy het in 'n soutpilaar verander.

²⁷Daardie oggend het Abraham vroeg opgestaan en na die plek toe gegaan waar hy in die teenwoordigheid van die Here gestaan het.

²⁸Toe Abraham in die rigting van Sodom en Gomorra en van die hele vlaktestreek kyk, sien hy oor die hele wêreld trek rook op asof dit 'n steenoond is.

²⁹Toe God die stede in die vlakte verdelg het waar Lot gewoon het, het God aan Abraham gedink en vir Lot laat wegkom uit die plek waar die verwoesting plaasgevind het.

³⁰Lot het toe van Soar af weggegaan en met sy twee dogters in die berge gaan bly. Hy was bang om in Soar te bly en het toe met sy twee dogters in 'n grot gaan woon.

³¹Die oudste dogter het vir die jongste gesê: “Pa is oud. Hier rond sal ons nie op die gebruikelike manier mans kry nie.

³²Kom ons maak vir Pa dronk en dan slaap ons by hom sodat ons by hom kinders kan hê.”

³³Daardie nag het hulle hom dronk gemaak, en die oudste dogter het met hom gemeenskap gehad. Hy het nie besef dat dit sy is wat by hom kom lê en daarna opstaan nie.

³⁴Die volgende dag sê sy toe vir die jongste: “Ek het verlede nag by hom geslaap. Kom ons maak hom vannag weer dronk en dan gaan slaap jy by hom sodat ons elkeen 'n kind by hom kan hê.”

³⁵Hulle het hom toe daardie nag weer dronk gemaak, en die jongste dogter het met hom gemeenskap gehad. Hy het nie agtergekom dat dit sy is wat by hom kom lê en daarna opstaan nie.

³⁶So het die twee dogters van Lot by hulle pa swanger geword.

³⁷Die oudste het 'n seun in die wêreld gebring en hom Moab genoem. Hy is die voorvader van die Moabiete.

³⁸Die jongste dogter het ook 'n seun in die wêreld gebring en hom Ben-Ammi genoem. Hy is die voorvader van die Ammoniete.

Genesis 20

Abraham en Abimelek

¹Abraham het van Mamre af weggetrek na die Suidland toe en hom tussen Kades en Sur gaan vestig. Toe hy op 'n keer in Gerar gewoon het,

²het hy voorgegee sy vrou Sara is sy suster. Koning Abimelek van Gerar het haar toe laat haal om met haar te trou.

³Een nag het God in 'n droom aan Abimelek verskyn en vir hom gesê: “Jy gaan sterf omdat jy met hierdie vrou wil trou. Sy is al getroud.”

⁴Abimelek het nog nie met haar geslagsgemeenskap gehad nie en hy het gesê: “Here, sal U selfs 'n onskuldige nasie uitroei?”

⁵Abraham het dan self vir my gesê: ‘Sy is my suster.’ En sy het self gesê: ‘Hy is my broer.’ Ek het dit onskuldig en sonder slegte bedoelings gedoen.”

⁶Toe het God vir hom in 'n droom gesê: “Ja, Ek weet dat jy dit onskuldig gedoen het. Daarom het Ek jou daarvan weerhou om teen My te sondig en het Ek jou nie toegelaat om aan haar te raak nie.

⁷Gee nou die vrou terug aan haar man. Hy is 'n profeet. Hy sal vir jou bid dat jy kan bly lewe. Maar as jy haar nie teruggee nie, moet jy weet jy sal beslis sterf, jy en almal wat by jou is.”

⁸Die môre vroeg het Abimelek sy amptenare geroep en alles vir hulle openlik vertel, en hulle het baie bang geword.

⁹Hy het vir Abraham geroep en vir hom gesê: “Wat het jy ons aangedoen? Wat het ek aan jou gedoen wat verkeerd is dat jy hierdie groot ellende oor my en my koninkryk gebring het? Wat jy my aangedoen het, is onbehoorlik.”

¹⁰Verder het Abimelek vir hom gesê: “Wat het jou besiel om so iets aan te vang?”

¹¹Toe het Abraham gesê: “Ek het gedink hier is niemand wat vir God dien nie en die mense sal my doodmaak oor my vrou.

¹²Sy is regtig my suster: sy is my pa se dogter, maar nie my ma s'n nie. Ek is met haar getroud.

¹³Toe God my uit my vaderland laat wegtrek het, het ek vir haar gesê: Jy kan wys dat jy my liefhet deur op elke plek waar ons kom, van my te sê: Hy is my broer.”

¹⁴Abimelek het toe kleinvee en grootvee, slawe en slavinne gevat en vir Abraham gegee en Sara ook aan haar man teruggegee.

¹⁵Toe sê Abimelek vir hom: “My land lê oop voor jou. Bly net waar jy wil.”

¹⁶Vir Sara het Abimelek gesê: “Ek gee aan jou broer duisend stukke silwer. Dit is om almal wat by jou is, te laat stilbly en om te wys alles is in orde.”

¹⁷Abraham het toe tot God gebid, en Hy het vir Abimelek gesond gemaak, ook sy vrou en sy slavinne, en toe kon hulle weer kinders hê.

¹⁸Dit was nadat die Here elke vrou in die huis van Abimelek daarvan weerhou het om kinders te hê. Die Here het dit gedoen oor wat gebeur het met Sara die vrou van Abraham.

Genesis 21

Die geboorte van Isak

¹Die Here het aan Sara gedink soos Hy belooft het. Hy het sy belofte aan haar nagekom.

²Sy het swanger geword en in Abraham se ouderdom vir hom 'n seun in die wêreld gebring. Dit het gebeur op die tyd wat God vir Abraham belooft het.

³Hy het die seun wat vir hom gebore is, die een wat deur Sara in die wêreld gebring is, Isak genoem.

⁴Soos God vir Abraham beveel het, het hy vir Isak besny toe hy ag dae oud was.

⁵Abraham was honderd jaar oud toe sy seun Isak gebore is.

⁶Sara het toe gesê: “God het gemaak dat mense vir my lag: elkeen wat van Isak hoor, sal vir my lag.”

⁷Sy het verder nog gesê: “Wie sou vir Abraham kon sê dat Sara seuns aan haar bors sal voed? Ek het in sy ouderdom 'n seun in die wêreld gebring.”

Abraham stuur vir Hagar weg

⁸Die kind het grootgeword en die dag toe hy gespeen is, het Abraham 'n groot fees gehou.

⁹Toe Sara die seun wat Hagar die Egiptiese slavin vir Abraham in die wêreld gebring het, sien lag,

¹⁰sê sy vir Abraham: “Jaag hierdie slavin en haar seun weg. Die seun van hierdie slavin mag nie saam met my seun Isak erf nie.”

¹¹Abraham het ter wille van sy seun Ismael baie sleg gevoel oor wat sy gesê het,

¹²maar God het vir Abraham gesê: “Moenie sleg voel oor die kind en oor jou slavin nie. Luister na alles wat Sara vir jou sê, want uit Isak sal jou nageslag gebore word.

¹³Tog sal Ek die seun van die slavin 'n nasie laat word, want hy is jou kind.”

¹⁴Vroeg die volgende môre het Abraham kos gevat en 'n velsak water en dit vir Hagar gegee. Hy het dit saam met die kind op haar rug gesit en haar weggestuur. Sy is toe weg en het in die Bersebawoestyn rondgeswerf.

¹⁵Toe die water in die velsak opraak, het sy die kind onder 'n doringbos neergesit

¹⁶en 'n entjie daarvandaan gaan sit, omtrent so ver as 'n mens met 'n pyl en boog kan skiet, want sy het gedink: ek wil nie sien as die kind doodgaan nie. Terwyl sy so daar sit, het sy begin huil.

¹⁷God het die kind hoor huil, en die Engel van God het uit die hemel na Hagar geroep en vir haar gesê: “Wat is dit, Hagar? Moenie bang wees nie, want God het die kind daar waar hy lê, gehoor.

¹⁸Staan op, tel die kind op en troos hom, want Ek sal hom 'n groot nasie laat word.”

¹⁹Toe het God haar oë oopgemaak en sy het 'n put met water gesien. Sy het die velsak vol water gaan maak en vir die kind water gegee.

²⁰God was by die kind en hy het groot geword. Hy het in die woestyn gewoon en het handig geword met die pyl en boog.

²¹Hy het in die Paranwoestyn gewoon, en sy ma het hom met 'n vrou uit Egipte laat trou.

Abraham en Abimelek sluit 'n ooreenkoms

²²Destyds het Abimelek en Pikol, die bevelvoerder van sy leër, na Abraham toe gegaan, en Abimelek het vir hom gesê: “God is by jou in alles wat jy aanpak.

²³Beloof my dan nou met 'n eed in die Naam van God dat jy nie vals sal optree teen my of my kinders of my kleinkinders nie, dat jy net so eerbaar sal optree teenoor my en teenoor die land waarin jy nou woon, as wat ek teenoor jou opgetree het.”

²⁴Toe het Abraham gesê: “Ek beloof dit.”

²⁵Abraham het toe by Abimelek beswaar gemaak oor die waterput wat deur Abimelek se slawe afgevat is.

²⁶Toe sê hy vir Abraham: “Ek weet nie wie dit gedoen het nie. Jy het my dit ook nie voorheen vertel nie. Ek hoor nou eers daarvan.”

²⁷Daarna het Abraham kleinvee en grootvee gevat en vir Abimelek gegee, en hulle twee het 'n ooreenkoms gesluit.

- ²⁸Abraham het ook nog sewe skaaplamms uit sy trop uitgekeer,
- ²⁹en Abimelek het vir hom gevra: “Wat wil jy maak met die sewe skaaplamms wat jy uitgekeer het? ”
- ³⁰Abraham het geantwoord: “Jy moet hierdie sewe lamms by my vat en daarmee erken dat ek hierdie put gegrawe het.”
- ³¹Die plek word Berseba genoem, want daar het hulle twee 'n eed teenoor mekaar afgelê.
- ³²Nadat hulle die ooreenkoms by Berseba gesluit het, het Abimelek en Pikol, die bevelvoerder van sy leër, teruggegaan na die land van die Filistyne toe,
- ³³en Abraham het 'n tamarisk by Berseba geplant en daar die Naam van die Here, die ewige God, aangeroep.
- ³⁴Abraham het lank in die land van die Filistyne gewoon.

Genesis 22

Abraham moet vir Isak offer

- ¹'n Ruk na die vorige gebeurtenisse het God vir Abraham op die proef gestel en vir hom gesê: “Abraham! ” Hy het geantwoord: “Hier is ek! ”
- ²God het vir hom gesê: “Vat jou seun, jou enigste seun, Isak wat jy liefhet, en gaan na die landstreek Moria toe en offer jou seun as brandoffer daar op een van die berge wat Ek vir jou sal aanwys.”
- ³Vroeg die volgende môre het Abraham 'n donkie opgesaal en hout gekap vir die brandoffer. Hy het twee slawe saamgevat en ook sy seun Isak. Toe het hy vertrek na die plek toe wat God vir hom aangewys het.
- ⁴Op die derde dag het Abraham die plek uit die verte gesien.
- ⁵Toe sê hy vir sy slawe: “Wag hier met die donkie. Ek en die seun gaan daar aanbid, dan kom ons terug na julle toe.”
- ⁶Abraham het die hout vir die brandoffer op sy seun Isak se rug getel en self vuur en 'n mes saamgevat. Terwyl hulle twee so saamloop,

⁷sê Isak vir sy pa: “Pa? ” en Abraham antwoord: “Ja, my seun? ” Toe vra Isak: “Hier is vuur en hout, maar waar is die lam om te offer? ”

⁸Abraham het geantwoord: “My seun, God sal sy eie offerlam voorsien.” Daarna het hulle twee saam verder gestap.

⁹Toe hulle aankom by die plek wat God vir Abraham aangewys het, het Abraham daar 'n altaar gebou. Hy het die hout reggesit en sy seun Isak vasgebind en op die altaar neergesit, bo-op die hout.

¹⁰Net toe Abraham die mes vat om sy seun te slag,

¹¹roep die Engel van die Here uit die hemel na hom: “Abraham, Abraham! ” Hy het geantwoord: “Hier is ek! ”

¹²Toe sê God: “Los jou seun! Moenie iets aan hom doen nie. Nou weet Ek dat jy My dien: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie.”

¹³Toe Abraham weer kyk, sien hy agter hom 'n skaapram wat aan sy horings in 'n bos vasgevang is. Hy het die ram gaan vat en hom in die plek van sy seun as brandoffer geoffer.

¹⁴Toe noem Abraham die plek: “Die Here voorsien.” Daar word nou nog gesê: “Op die berg van die Here word voorsien.”

¹⁵Die Engel van die Here het weer uit die hemel na Abraham geroep

¹⁶⁻¹⁷en gesê: “Dit is Ek, die Here, wat praat. Ek lê 'n eed af by Myself dat Ek jou baie sal seën oor wat jy gedoen het: jy het nie geweier om jou seun, jou enigste seun, aan My te offer nie. Ek sal jou vrugbaar maak en jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel en soos die sand van die see. Jou nageslag sal die stede van sy vyande in besit neem.

¹⁸In jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën wees, want jy het My gehoorsaam.”

¹⁹Daarna is Abraham terug tot by sy slawe, en hulle het almal saam na Berseba toe gegaan. Abraham het daar gewoon.

Nahor se seuns

²⁰'n Rukkie na hierdie gebeurtenis is aan Abraham vertel dat Milka, sy broer Nahor se vrou, kinders vir sy broer in die wêreld gebring het.

²¹Hulle was: Us die oudste, sy broer Bus, Kemuel die voorvader van die Arameërs,

²²en ook nog Kesed, Gaso, Pildas, Jidlaf en Betuel.

²³Betuel was die pa van Rebekka. Milka het hierdie ag seuns in die wêreld gebring vir Abraham se broer Nahor.

²⁴Nahor het 'n byvrou gehad. Haar naam was Reüma en sy het ook kinders gehad: Tebag, Gagam, Tagas en Maäka.

Genesis 23

Sara se graf word gekoop

¹Sara het honderd sewe en twintig jaar oud geword.

²Sy is oorlede in Kirjat-Arba, dit is Hebron, in Kanaän. Abraham het oor haar gaan rou en huil.

³Daarna het hy die lyk daar gelaat en vir die Hetiete gaan sê:

⁴“Ek is 'n vreemdeling, 'n bywoner by julle. Gee vir my 'n vaste besitting as graf hier by julle sodat ek my vrou daarin kan begrawe.”

⁵Die Hetiete het hom geantwoord:

⁶“Luister na ons, Meneer! Ons beskou u as 'n baie belangrike man. Begrawe u vrou in die beste graf hier by ons. Niemand van ons sal weier dat u u vrou in sy graf begrawe nie.”

⁷Daarna het Abraham opgestaan en voor die Hetiete, die volksleiers, gebuig.

⁸Hy het vir hulle gesê: “As julle instem dat ek my vrou hier kan begrawe, luister dan na my en doen voorspraak by Efron seun van Sogar

⁹dat hy die Makpelagrot aan die kant van sy grond aan my afstaan. Hy moet dit in julle teenwoordigheid teen die volle markprys aan my verkoop dat ek dit as begraafplek kan besit.”

¹⁰Efron die Hetiet het tussen die Hetiete gesit en daar waar al die Hetiete wat die stadspoort binnekom, dit kon hoor, het hy vir Abraham gesê:

¹¹“Nee, Meneer, luister na my. Ek gee die stuk grond vir u, ook die grot wat daarop is. Ek gee dit vir u in die teenwoordigheid van my volksgenote. Begrawe u vrou daar.”

¹²Toe het Abraham weer voor die volksleiers gebuig

¹³en waar hulle almal dit kon hoor, het hy vir Efron gesê: “Nee, luister tog maar na my! Ek betaal die volle prys vir die grond. Vat die geld by my, sodat ek my vrou daar kan begrawe.”

¹⁴Efron het toe vir Abraham gesê:

¹⁵“Meneer, luister na my! Moenie dat ons stry oor 'n stukkie grond wat vier en 'n half kilogram silwer werd is nie. En dit om u vrou te begrawe! ”

¹⁶Toe het Abraham ingestem en die silwer vir Efron afgeweeg wat hy in die teenwoordigheid van die Hetiete genoem het: vier en 'n half kilogram silwer soos dit in die handel afgeweeg word.

¹⁷⁻¹⁸So het die stuk grond van Efron in Makpela waarop die grot is en wat oos van Mamre geleë is, Abraham se eiendom geword in die teenwoordigheid van die Hetiete en almal wat by die stadspoort inkom: die grond met die grot daarop en al die bome op die grond, sover as die grense daarvan gestrek het.

¹⁹Daarna het Abraham sy vrou Sara begrawe in die Makpelagrot op die stuk grond, oos van Mamre, dit is Hebron in Kanaän.

²⁰So het die stuk grond met die grot daarop uit die hande van die Hetiete oorgegaan na Abraham as begraafplek wat aan hom behoort.

Genesis 24

Rebekka word Isak se vrou

¹Abraham was al baie oud, en die Here het hom in alles geseën.

²Abraham het vir sy slaaf gesê, vir die vernaamste in sy huis, die een wat in beheer was van sy besittings: “Sit jou hand onder my heup

³dat jy vir my met 'n eed in die Naam van die Here die God van die hemel en die aarde kan beloop dat jy nie my seun sal laat trou met 'n dogter van die Kanaäniete by wie ek nou woon nie;

⁴jy moet na my land toe gaan, die land waar ek gebore is, en daar 'n vrou gaan haal vir my seun Isak.”

⁵Die slaaf het vir Abraham gevra: “En as die vrou nie saam met my hierheen wil kom nie? Moet ek dan u seun laat teruggaan na die land toe waar u vandaan kom? ”

⁶Toe sê Abraham vir hom: “Sorg dat jy nie my seun daarnatoe laat teruggaan nie.

⁷Die Here die God van die hemel het my weggevat uit my familie, uit die wêreld waar ek gebore is, en my met 'n eed beloop: ‘Ek gee hierdie land waar jy nou is, aan jou nageslag.’ Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir my seun 'n vrou van my land af sal kan bring.

⁸As die vrou nie saam met jou hierheen wil kom nie, is jy vrygestel van hierdie verpligting. Maar jy mag nie my seun laat teruggaan nie.”

⁹Toe het die slaaf sy hand onder die heup van Abraham, sy eienaar, gesit en vir hom met 'n eed beloop om dit alles te doen.

¹⁰Die slaaf het tien van sy eienaar se kamele gevat en ook allerlei mooi geskenke en vertrek na Mesopotamië toe, na die stad toe waar Nahor gewoon het.

¹¹Daar het hy die kamele by 'n fontein buite die stad laat kniel. Dit was laat middag, teen die tyd dat die vrouens uitkom om water te skep.

¹²Hy het gebid: “Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met my gebeur; betoon tog u trou aan my eienaar Abraham.

¹³Hier staan ek by die fontein waar die jongmeisies van die stad sal kom water skep.

¹⁴As ek vir 'n meisie vra: 'Hou tog jou waterkruik dat ek kan drink,' en sy antwoord: 'Drink gerus, en ek sal jou kamele ook water gee,' dan is dit sy wat deur U gekies is vir u dienaar, vir Isak, en dan sal ek weet dat U trou betoon aan my eienaar."

¹⁵Voor hy nog klaar gebid het, kom Rebekka met die waterkruik op haar skouer daar aan. Sy was die dogter van Betuel, seun van Milka die vrou van Nahor, Abraham se broer.

¹⁶Die meisie was baie mooi, 'n jongmeisie met wie 'n man nog nie gemeenskap gehad het nie. Sy het afgegaan tot by die fontein en haar kruik vol gemaak en teruggeklm.

¹⁷Toe hardloop die slaaf haar tegemoet en sê vir haar: "Laat my tog 'n bietjie water uit jou kruik drink."

¹⁸En sy sê: "Drink gerus, Meneer! " Sy laat toe gou haar kruik rus op haar hand, en laat hom water drink.

¹⁹Toe hy klaar gedrink het, sê sy: "Ek sal vir die kamele ook gaan water skep dat hulle genoeg kan drink."

²⁰Sy het gou haar kruik in die krip leeg gemaak en toe fontein toe gehardloop om nog water te skep. Sy het vir al die kamele geskep.

²¹Die man het haar in stilte aangekyk om vas te stel of die Here hom in sy onderneming laat slaag het of nie.

²²Toe die kamele klaar gedrink het, sit hy 'n goue ring van ses gram aan haar neus en twee goue armbande van honderd en vyftien gram aan haar arms,

²³en hy vra: "Wie se dogter is jy? Sê my tog, is daar in jou pa se huis plek vir ons om te oornag? "

²⁴Sy het hom geantwoord: "Ek is die dogter van Betuel, die seun wat deur Milka vir Nahor in die wêreld gebring is."

²⁵Verder het sy gesê: "Ons het baie strooi en kameelvoer, en daar is plek om te oornag."

²⁶Toe het die man gekniel en tot die Here gebid:

²⁷“Aan die Here die God van Abraham wie se slaaf ek is, kom die lof toe! Die Here het nie sy troue liefde van my eenaar weerhou nie en vir my het die Here reguit gelei na die huis van my eenaar se broer toe.”

²⁸Die meisie het na haar ma se huis toe gehardloop en alles gaan vertel.

²⁹⁻³⁰Rebekka het 'n broer gehad met die naam Laban. Toe hy die neusring sien en die armbande aan sy suster se arms en haar hoor vertel wat die man alles vir haar gesê het, het hy na die man toe gehardloop by die fontein buite die stad. Toe hy by hom kom, het die man nog by die kamele gestaan, langs die fontein.

³¹Laban het vir hom gesê: “Kom saam! Jy is 'n man wat deur die Here geseën is. Waarom bly jy hier buite staan? Ek het vir jou plek reggemaak in my huis, en daar is ook plek vir die kamele.”

³²Die man is toe saam huis toe, en Laban het die kamele laat afsaal en vir hulle voer gegee en strooi om op te lê. Vir die man het hy water gegee om sy voete te was en ook vir die mense by hom.

³³Toe hulle vir die man kos bring om te eet, sê hy: “Ek sal nie eet voor ek my opdrag uitgevoer het nie.” Laban het gesê: “Praat gerus! ”

³⁴Toe sê die man: “Ek is 'n slaaf van Abraham.

³⁵Die Here het my eenaar baie geseën en hy is ryk. Die Here het hom kleinvee en grootvee gegee, silwer en goud, slawe en slavinne, kamele en donkies.

³⁶Sara, die vrou van my eenaar, het op gevorderde leeftyd vir hom 'n seun in die wêreld gebring, en hy is die erfgenaam.

³⁷My eenaar het my 'n eed laat aflê toe hy vir my gesê het: ‘Jy mag nie my seun laat trou met 'n dogter van die Kanaäniete in wie se land ek woon nie.

³⁸Nee, jy moet na my pa se huis toe gaan, na my familie toe, en vir my seun 'n vrou gaan haal.’

³⁹Ek het vir my eenaar gesê: ‘Dalk sal die vrou nie saam met my wil kom nie,’

⁴⁰en toe sê hy vir my: ‘Ek leef naby die Here. Hy sal sy engel saam met jou stuur en jou in die onderneming laat slaag sodat jy 'n vrou vir my seun sal kan gaan haal by my familie, by my pa se huis.

⁴¹Jy sal slegs van jou eed vrygestel wees as jy na my familie toe gaan en hulle nie instem nie. Dan is jy vry.’

⁴²“Toe ek vandag by die fontein kom, het ek gebid: Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat my tog slaag in my onderneming.

⁴³Hier staan ek by die fontein waar 'n jongmeisie van die stad sal kom water skep. Ek sal vir haar vra om my 'n bietjie water uit haar kruik te laat drink,

⁴⁴en as sy vir my sê: ‘Drink gerus maar, en ek sal vir jou kamele ook water skep,’ is sy die vrou wat deur U gekies is vir die seun van my eienaar.

⁴⁵“Voor ek nog klaar was om saggies te bid, kom Rebekka daar aan met 'n waterkruik op haar skouer en sy gaan af tot by die fontein en skep, en toe vra ek vir haar: ‘Gee my tog 'n bietjie water!’

⁴⁶Sy laat toe gou haar kruik van haar skouer af sak en sê: ‘Drink gerus! Ek sal u kamele ook water gee.’ Ek het toe gedrink en sy het die kamele ook water gegee.

⁴⁷Ek het haar gevra: ‘Wie se dogter is jy?’ en sy het geantwoord: ‘Die dogter van Betuel seun van Nahor en Milka.’ Toe het ek die ring aan haar neus gesit en die armbande aan haar arms.

⁴⁸Ek het gekniel en tot die Here gebid. Ek het Hom, die God van Abraham wie se slaaf ek is, geloof omdat Hy my reg gelei het om die dogter van die broer van my eienaar te kry as vrou vir my seun.

⁴⁹“As u nou u verantwoordelikheid as familie teenoor my eienaar wil nakom, sê my dan. As u weier, sê my dit sodat ek kan omdraai, waarheen ook al.”

⁵⁰Toe antwoord Laban en Betuel: “Wat gebeur het, is van die Here. Ons het vir jou daarvoor niks te sê nie.

⁵¹Rebekka is hier by jou. Vat haar saam en gaan terug. Sy moet die vrou word van die seun van jou eienaar. Dit is wat die Here gesê het.”

⁵²Toe Abraham se slaaf hoor wat hulle sê, het hy diep voor die Here gebuig.

⁵³Daarna het die slaaf silwer- en goue goed en klere vir Rebekka gegee, en ook duur geskenke vir haar broer en haar ma.

⁵⁴Toe het die slaaf en die mense wat by hom was, geëet en daar oornag. Die volgende môre het hulle opgestaan en toe sê hy: “Laat my vertrek na my eienaar toe.”

⁵⁵Rebekka se broer en haar ma het egter gesê: “Laat die dogter nog 'n dag of tien by ons bly en dan kan sy gaan.”

⁵⁶Maar die slaaf het hulle geantwoord: “Moet my nie ophou nie. Die Here het my in my doel laat slaag. Laat my gaan sodat ek na my eienaar toe kan gaan.”

⁵⁷Hulle het geantwoord: “Kom ons roep die dogter en vra haar wat sy verkies.”

⁵⁸Hulle het vir Rebekka geroep en vir haar gevra: “Wil jy saam met hierdie man gaan? ” Sy het geantwoord: “Ja! ”

⁵⁹Hulle het hulle suster Rebekka en die vrou wat haar grootgemaak het, saam met die slaaf van Abraham en sy mense laat gaan.

⁶⁰Hulle het vir Rebekka met seënwenne gegroet en vir haar gesê: “Ons suster, mag jou nageslag tienduisende word, mag hulle die stede van hulle vyande verower! ”

⁶¹Toe het Rebekka en haar slavinne op die kamele geklim en agter die man aan gegaan. Hy het haar saamgevat en hy is terug huis toe.

⁶²Isak het van Lagai-Roï-fontein af gekom. Hy het destyds in die Suidland gewoon.

⁶³Hy het teen die aand se kant in die veld gaan stap en toe sien hy meteens kamele aankom.

⁶⁴Rebekka het vir Isak gesien en van die kameel afgespring

⁶⁵en vir Abraham se slaaf gevra: “Wie is die man wat daar oorkant in die veld na ons toe aankom? ” Die slaaf het geantwoord: “Dis my eienaar.” Toe vat sy haar sluier en trek dit oor haar gesig.

⁶⁶Die slaaf het vir Isak alles vertel wat gebeur het, en

⁶⁷Isak het vir Rebekka in die tent van Sara, sy ma, laat woon en met Rebekka getrou. Sy was sy vrou en hy het haar liefgehad. So is Isak vertroos ná sy ma se dood.

Genesis 25

Abraham trou weer

¹Abraham het weer getrou, met Ketura.

²Sy het vir hom in die wêreld gebring: Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag.

³Joksan was die vader van Skeba en Dedan. Die mense van Assur, Letus en Leüm was die nasate van Dedan.

⁴Die seuns van Midian was: Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Al hierdie mense het van Ketura afgestam.

⁵Abraham het alles wat hy nagelaat het, aan Isak laat toekom,

⁶maar terwyl Abraham nog geleef het, het hy geskenke aan die seuns van sy byvrouens gegee en die seuns weggestuur na Kedem toe in die ooste, weg van Isak af.

Abraham sterf

⁷⁻⁸Abraham het op hoë ouderdom gesterf. Hy het honderd vyf en sewentig jaar oud geword en was 'n grysaard met 'n vol lewe agter die rug toe hy gesterf het.

⁹Sy seuns Isak en Ismael het hom begrawe in die Makpelagrot oos van Mamre op die stuk grond wat vroeër behoort het aan die Hetiet Efron seun van Sogar.

¹⁰Abraham het hierdie stuk grond by die Hetiete gekoop, en hy en sy vrou Sara is albei daar begrawe.

¹¹Na Abraham se dood het die Here Abraham se seun Isak geseën, en Isak het by Lagai-Roï-fontein gaan woon.

Ismael se nageslag

¹²Hier volg besonderhede oor die nageslag van Abraham se seun Ismael wat deur Hagar, die Egiptiese slavin van Sara, vir Abraham in die wêreld gebring is.

¹³In volgorde van hulle geboorte was Ismael se seuns: Nebajot, Kedar, Adbeël, Mibsam,

¹⁴Misma, Duma, Massa,

¹⁵Gadad, Tema, Jetur, Nafis en Kedma.

¹⁶Die name van hierdie seuns van Ismael is ook gegee aan hulle nedersettings en blyplekke. Hulle was die twaalf leiers van hulle stamme.

¹⁷Ismael was honderd sewe en dertig jaar oud toe hy gesterf het en begrawe is.

¹⁸Sy nageslag het gewoon in die gebied van Gawila af tot by Sur, oos van Egipte in die rigting van Assur, en hulle het met al Ismael se broerskinders oorlog gemaak.

Die tweeling Esau en Jakob

¹⁹Hier volg besonderhede oor Isak seun van Abraham: Abraham was Isak se pa,

²⁰en toe Isak veertig jaar oud was, het hy met Rebekka getrou. Sy was die dogter van Betuel, 'n Arameër uit Paddan-Aram, en 'n suster van Laban die Arameër.

²¹Isak het tot die Here gebed oor sy vrou, want sy was kinderloos. Die Here het sy gebed verhoor, en sy vrou Rebekka het swanger geword.

²²Die kinders het in haar teen mekaar gestamp, en toe sê sy: “Waarom gebeur so iets met my? ” Sy het toe die Here gaan raadpleeg,

²³en Hy het vir haar gesê: “Daar is twee nasies in jou, twee volke uit jou sal van mekaar geskei word. Een sal sterker wees as die ander, die oudste sal die jongste dien.”

- ²⁴Toe Rebekka haar kinders in die wêreld bring, was dit tweelingseuntjies.
- ²⁵Die eerste is gebore: rooi, vol hare soos 'n veljas, en hy is Esau genoem.
- ²⁶Sy broer is na hom gebore en dié se hand het aan Esau se hakskeen vasgehou. Hy is Jakob genoem. Isak was sestig jaar oud toe hulle gebore is.
- ²⁷Die seuns het grootgeword. Esau was 'n ervare jagter, 'n man van die veld; Jakob was 'n rustige mens, hy het tuis gebly.
- ²⁸Isak het vir Esau voorgetrek, want Isak het van wildsvleis gehou. Rebekka weer het vir Jakob voorgetrek.
- ²⁹Op 'n dag terwyl Jakob lensiesop aan die kook was, kom Esau doodmoeg uit die veld daar aan
- ³⁰en sê vir Jakob: “Laat my gou van die rooi goed wegsluk, van daardie rooi goed. Ek is doodmoeg!” Daarom is hy Edom genoem.
- ³¹Toe sê Jakob vir hom: “Verkoop eers jou reg as eersgeborene aan my.”
- ³²Esau het geantwoord: “Ek gaan tog sterf. Wat baat dit my om die eersgeborene te wees?”
- ³³Jakob sê toe vir hom: “Beloof my nou met 'n eed dat jy jou reg as eersgeborene aan my oormak.” Esau het dit gedoen en so sy reg as eersgeborene aan Jakob verkoop.
- ³⁴Daarna het hy vir Esau brood en lensiesop gegee, en hy het geëet. Toe hy klaar was, het hy uitgestap. Dit is hoe min Esau gedink het van sy reg as eersgeborene.

Genesis 26

Isak en Abimelek

- ¹Na die eerste hongersnood vroeër in Abraham se tyd was daar weer 'n hongersnood in die land. Isak het toe na Gerar toe getrek, na koning Abimelek van die Filistyne toe.
- ²Die Here het aan Isak verskyn en vir hom gesê: “Moenie Egipte toe trek nie. Bly waar Ek jou sê: in hierdie land.

³Bly 'n tyd lank hier, en Ek sal by jou wees en jou voorspoedig maak. Ek gee hierdie hele wêreld aan jou en jou nageslag. Ek sal die belofte nakom wat Ek met 'n eed teenoor jou vader Abraham afgelê het.

⁴Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Ek sal hierdie hele wêreld aan jou nageslag gee, en al die nasies van die aarde sal in jou nageslag geseën wees,

⁵want Abraham het na My geluister en hy was gehoorsaam aan my bevel: my gebooie, my voorskrifte en my wette.”

⁶Isak het toe in Gerar gebly.

⁷Die mense daar het oor sy vrou begin uitvra, en hy het gesê: “Dit is my suster.” Hy was bang om te sê dis sy vrou, want dan sou hulle hom dalk doodmaak oor Rebekka wat 'n baie mooi vrou was.

⁸Toe hy 'n lang ruk daar gebly het, het koning Abimelek van die Filistyne op 'n keer deur die venster gesien hoe Isak sy vrou Rebekka liefkoos.

⁹Abimelek het hom laat kom en vir hom gesê: “Maar sy is dan jou vrou! Hoekom het jy gesê sy is jou suster?” Isak het geantwoord: “Ek het gedink ek kan dalk doodgemaak word oor haar.”

¹⁰Daarop sê Abimelek: “Wat het jy ons aangedoen! Hoe maklik kon een van die mans met jou vrou gemeenskap gehad het, en dan was jy die oorsaak dat ons sonde gedoen het.”

¹¹Abimelek het toe al sy mense gewaarsku: “Wie hierdie man of sy vrou molesteer, sal doodgemaak word.”

¹²Isak het in daardie gebied gesaai, en daardie jaar het die saad honderdvoudig geskiet. Die Here het hom voorspoedig gemaak,

¹³en hy het 'n ryk man geword, hy het vooruitgegaan sodat hy later baie ryk was.

¹⁴Hy het troppe kleinvee en grootvee gehad en baie slawe. Toe het die Filistyne uit afguns

¹⁵al die putte wat die slawe van sy pa Abraham nog in dié se tyd gegrawe het, toegegooi en opgevul.

¹⁶Toe sê Abimelek vir Isak: “Trek weg van ons af. Jy het vir ons te sterk geword.”

¹⁷Hy is toe daar weg en hy het by Gerarspruit kamp opgeslaan en daar gebly.

¹⁸Isak het toe die putte oopgegrawe wat in sy pa Abraham se tyd gegrawe is en wat na Abraham se dood deur die Filistyne toegegooi is. Isak het die name wat sy pa aan die putte gegee het, weer aan hulle gegee.

¹⁹Isak se slawe het 'n put gegrawe in die spruit en sterk water gekry.

²⁰Toe stry die skaapwagters van Gerar met dié van Isak en sê: “Dié water behoort aan ons.” Isak het toe die put “Rusie” genoem, omdat hulle daar met hom rusie gemaak het.

²¹Sy slawe het 'n ander put gegrawe, en ook daaroor het die Filistyne klagtes gehad, en toe noem Isak dit “Klagte”.

²²Van daar af het hy versit en 'n ander put gegrawe, en hulle het nie daaroor gestry nie. Toe noem hy die put “Ruimte” “want,” het hy gesê, “nou het die Here vir ons ruimte gemaak en in dié land sal ons voorspoedig wees.”

²³Van daar af het Isak na Berseba toe getrek,

²⁴en die nag toe hy daar kom, het die Here aan hom verskyn en vir hom gesê: “Ek is die God van jou vader Abraham. Moenie bang wees nie, want Ek is by jou. Ek sal jou seën en jou 'n groot nageslag gee ter wille van my dienaar Abraham.”

²⁵Isak het daar 'n altaar gebou en die Naam van die Here aangeroep. Isak het sy tente daar opgeslaan, en sy slawe het 'n put gegrawe.

²⁶Toe kom Abimelek uit Gerar saam met Agussat sy vertroueling en Pikol die bevelvoerder van sy leer na Isak toe,

²⁷en Isak sê vir hulle: “Waarom kom julle na my toe? En dit nogal nadat julle my onvriendelik behandel het en my van julle af weggestuur het! ”

²⁸Hulle het geantwoord: “Ons het baie duidelik gesien die Here is by jou. Ons wil onder eed 'n ooreenkoms met jou aangaan. Ons wil 'n verdrag met jou sluit

²⁹dat jy ons nie sleg sal behandel nie, net soos ons jou nie benadeel het nie. Ons het net goed aan jou gedoen en jou sonder enige skade van ons af laat weggaan. Dit is so: jy word deur die Here geseën.”

³⁰Isak het toe vir hulle 'n maaltyd klaargemaak en hulle het geëet.

³¹Die volgende môre het hulle vroeg klaargemaak en hulle en Isak het aan mekaar 'n belofte onder eed gemaak. Toe het Isak hulle laat gaan en is hulle in vrede van hom af weg.

³²Daardie dag het Isak se slawe gekom en hom vertel van die put wat hulle gegrawe het. Hulle het vir hom gesê: “Ons het water gekry.”

³³Toe noem hy dit Seba en daarom is die naam van die stad nou nog Berseba.

³⁴Toe Esau veertig was, het hy getrou met Jehudit dogter van Beëri, 'n Hetiet, en met Basemat dogter van Elon, 'n Hetiet.

³⁵Hulle het baie kommer in Isak en Rebekka se lewe gebring.

Genesis 27

Isak seën vir Jakob

¹Toe Isak baie oud en al blind was, het hy sy oudste seun, Esau, geroep en vir hom gesê: “My seun! ” en Esau het geantwoord: “Hier is ek! ”

²Isak het vir hom gesê: “Kyk, ek is al oud en ek weet nie wanneer ek gaan sterf nie.

³Vat nou jou skietgoed, jou pyl en boog, en gaan veld toe en skiet vir my 'n stukkie wild.

⁴Kom maak dit dan vir my lekker gaar soos ek daarvan hou en bring dit vir my dat ek dit kan eet en jou kan seën voor ek sterf.”

⁵Rebekka het gehoor wat Isak met sy seun Esau praat en toe Esau veld toe is om te gaan jag,

⁶het sy met haar seun Jakob gepraat en vir hom gesê: “Luister, ek het gehoor jou pa praat met jou broer Esau. Hy het vir hom gesê:

⁷“Gaan haal vir my 'n stukkie wild en maak dit vir my lekker gaar dat ek dit kan eet en ek jou dan in die teenwoordigheid van die Here kan seën voor ek sterf.’

⁸Nou moet jy na my luister, my seun, en doen wat ek jou sê.

⁹Gaan na die kleinvee toe en bring vir my twee vet bokkies. Dan sal ek hulle lekker gaarmaak soos jou pa daarvan hou.

¹⁰Jy moet dit dan vir hom vat dat hy dit kan eet en jou kan seën voor hy sterf.”

¹¹Toe sê Jakob vir sy ma Rebekka: “Maar my broer Esau is harig en ek is glad.

¹²Miskien sal Pa aan my voel en dan dink ek skeer die gek met hom, en so sal ek 'n vervloeking oor my bring en nie 'n seën nie.”

¹³Sy ma het vir hom gesê: “As daar 'n vervloeking is, sal dit oor my kom, my seun. Luister jy net na my en loop vang die bokkies vir my.”

¹⁴Hy het die bokkies gaan vang en vir sy ma gebring, en sy het hulle lekker voorberei soos sy pa daarvan hou.

¹⁵Toe vat Rebekka haar oudste seun Esau se beste klere wat sy by haar in die huis gehad het en trek dit vir haar jongste seun Jakob aan.

¹⁶Sy het die bokvelletjies om sy hande en om sy kaal nek vasgemaak

¹⁷en die lekkerny en die kos wat sy voorberei het, vir Jakob gegee.

¹⁸Hy het toe na sy pa toe ingegaan en gesê: “Pa! ” Toe sê hy: “Ja, watter seun is jy? ”

¹⁹Jakob het sy pa geantwoord: “Ek is Esau, Pa se oudste seun. Ek het gedoen wat Pa gesê het. Kom sit nou regop en eet van my wildsvleis sodat Pa my dan kan seën.”

²⁰Maar Isak het vir hom gevra: “Hoe het jy dan die wild so gou gekry, my seun? ” en Jakob het geantwoord: “Die Here u God het my dit laat raakloop.”

²¹Toe sê Isak vir Jakob: “Kom nader dat ek aan jou kan voel, my seun, of jy my seun Esau is of nie.”

²²Jakob het nader gegaan na sy pa Isak toe, en toe hy aan hom voel, sê hy: “Die stem, dis Jakob se stem, maar die hande, dis Esau se hande.”

²³Isak het nie vir Jakob herken nie, want sy hande was harig soos sy broer Esau s'n. Isak het toe vir Jakob geseën.

²⁴Isak het vir hom gesê: “Jy is tog my seun Esau! ” en Jakob het gesê: “Ek is.”

²⁵Toe sê Isak: “Gee die wild aan dat ek daarvan kan eet, my seun, en jou dan kan seën.” Hy het dit vir hom aangegee en Isak het geëet, en Jakob het vir hom wyn gebring, en hy het dit gedrink.

²⁶Isak het vir hom gesê: “Kom nader en soen my, my seun! ”

²⁷Hy het nader gekom en hom gesoen, en toe hy die reuk kry van die klere wat Jakob aanhet, het Isak hom geseën en gesê: “Kyk, die reuk van my seun is soos die veld se reuk, die veld wat deur die Here geseën is.

²⁸God gee aan jou dou uit die hemel, die rykdom van die aarde: koring en wyn in oorvloed.

²⁹Volke sal jou dien, nasies sal voor jou buig; oor jou familie sal jy heers, jou broers sal voor jou buig. Wie 'n vervloeking oor jou uitspreek, sal self vervloek wees, wie jou seën, sal geseën wees.”

³⁰Toe Isak vir Jakob klaar geseën het, en hy nog skaars by sy pa Isak uit was, kom sy broer Esau terug van die jag af.

³¹Ook hý het 'n lekker ete voorberei en dit vir sy pa gevat. Esau het vir sy pa gesê: “Sit regop, Pa, en eet van Pa se seun se wildsvleis sodat Pa my dan kan seën.”

³²Toe vra sy pa Isak: “Wie is jy? ” en hy antwoord: “Pa se seun Esau, Pa se oudste.”

³³Isak was toe baie ontsteld en hy vra: “Maar wie het dan die wild geskiet en vir my gebring? Ek het daarvan geëet net voor jy gekom het. Ek het hóm geseën, en hy sal geseën bly.”

³⁴Toe Esau hoor wat sy pa sê, het hy hard en bitter begin skree en by sy pa gepleit: “Pa, seën my tog ook! ”

³⁵Maar Isak sê vir hom: “Jou broer het my kom bedrieg en toe het hy jou seën gevat.”

³⁶Esau het geantwoord: “Hy word tereg Jakob genoem. Hy het my nou al twee keer bedrieg: hy het my reg as eersgeborene gevat en nou het hy my seën gevat.” Toe vra Esau: “Het Pa nie nog 'n seën vir my ook nie? ”

³⁷Isak het vir hom gesê: “Ek het hom alreeds aangestel om oor jou te heers en ek het sy hele familie vir hom as onderdane gegee. Ek het hom van koring en wyn voorsien. Daar is niks wat ek vir jou kan doen nie, my seun.”

³⁸Esau het toe vir sy pa gesê: “Pa, het Pa dan net een seën? Seën my tog ook, Pa! ” Toe Esau daarna begin huil,

³⁹sê sy pa Isak vir hom: “Jou woonplek sal ver van die aarde se rykdom af wees, en ook ver van die dou uit die hemel af.

⁴⁰Jy sal van oorlog leef en jy sal jou broer dien, maar as jy jou kans afgag, sal jy sy juk van jou nek afgooi.”

⁴¹Esau het vir Jakob gehaat oor die seën wat sy pa aan hom gegee het, en Esau het by homself gesê: “My pa se dood is nie meer ver nie, dan maak ek my broer Jakob dood.”

⁴²Daar is aan Rebekka vertel wat haar oudste seun gesê het. Sy het toe haar jongste seun Jakob laat roep en vir hom gesê: “Pas op! Jou broer Esau is op wraak uit. Hy wil jou vermoor.

⁴³Luister, my seun! Vlug Haran toe, na my broer Laban toe,

⁴⁴en bly 'n ruk by hom tot jou broer se woede oor is.

⁴⁵As sy bui oor jou gesak het en hy vergeet het wat jy hom aangedoen het, sal ek stuur en jou daarvandaan laat haal. Waarom moet ek julle altwee op een dag verloor? ”

Jakob vlug

⁴⁶Rebekka het vir Isak gesê: “Ek is nou siek en sat van hierdie Hetitiese vrouens van Esau. As Jakob ook met Hetitiese meisies trou, met meisies soos hulle uit hierdie land, kan ek net sowel sterf.”

Genesis 28

¹Toe roep Isak vir Jakob en neem van hom afskeid en sê vir hom: “Jy mag nie met 'n Kanaänitiese meisie trou nie.

²Gaan na Paddan-Aram toe, na die huis van jou ma se pa Betuel toe, en trou daar met 'n dogter van jou oom Laban.

³God die Almagtige sal jou seën: Hy sal jou vrugbaar maak en jou 'n groot nageslag gee. Jy sal 'n baie groot volk word.

⁴Hy sal jou die seën laat toekom wat Hy aan Abraham gegee het: jy en jou nageslag sal die land waarin jy woon, as besitting ontvang, die land wat God aan Abraham gegee het.”

⁵So het Isak toe vir Jakob weggestuur, en hy is na Paddan-Aram toe, tot by die Arameër Betuel se seun Laban, broer van Rebekka die ma van Jakob en Esau.

⁶Esau het te wete gekom dat Isak afskeid geneem het van Jakob en dat Isak hom na Paddan-Aram toe gestuur het om daar te gaan trou, want toe Isak vir Jakob gegroet het, het hy vir hom gesê: “Jy mag nie met 'n Kanaänitiese meisie trou nie.”

⁷Toe Esau verneem dat Jakob na sy pa en ma geluister het en na Paddan-Aram toe is,

⁸het Esau geweet dat sy pa Isak nie van die Kanaänitiese meisies gehou het nie.

⁹Daarom het Esau na Ismael toe gegaan, en by die vrouens wat hy gehad het, nog 'n vrou gevat: Magalat dogter van Ismael, Abraham se seun. Sy was die suster van Nebajot.

¹⁰Jakob is van Berseba af weg na Haran toe.

¹¹Teen sononder het hy by 'n plek gekom waar hy kon oornag. Hy het daar 'n klip vir 'n kopkussing gebruik en gaan lê en slaap.

¹²Hy het gedroom: 'n leer staan op die aarde en die punt van die leer raak aan die hemel, en engele van God klim op en af met die leer.

¹³Toe kom staan die Here by Jakob en sê: “Ek is die Here die God van jou voorvader Abraham, die God van Isak. Ek sal die grond waarop jy lê, vir jou en jou nageslag gee.

¹⁴Hulle sal so baie wees soos die stof van die aarde, en jy sal jou gebied na alle kante toe uitbrei, en in jou en jou nageslag sal al die volke van die aarde geseën wees.

¹⁵Ek is by jou en Ek sal jou beskerm waar jy ook al gaan. Ek sal jou na hierdie land toe terugbring. Ek sal jou nie in die steek laat nie. Ek sal doen wat Ek jou beloof het.”

¹⁶Jakob het wakker geskrik en gesê: “Die Here is op hierdie plek, en ek het dit nie besef nie.”

¹⁷Jakob het bang geword en gesê: “Hoe skrikwekkend is hierdie plek! Dit is niks anders nie as die huis van God; dit is die poort van die hemel.”

¹⁸Die volgende môre het Jakob opgestaan en hy het die klip wat sy kopkussing was, gevat en dit regop gesit. Toe giet hy olie op die bopunt daarvan uit.

¹⁹Hy het die plek Bet-El genoem. Die stad was voorheen bekend as Lus.

²⁰Jakob het toe 'n gelofte afgelê en gesê: “As U, o God, by my is en my beskerm op my reis en vir my kos en klere gee,

²¹sodat ek behoue terugkom by my ouerhuis, sal U, Here, my God wees.

²²Hierdie klippilaar wat ek regop gesit het, sal 'n tempel wees, en van alles wat U my gee, sal ek vir U 'n tiende gee.”

Genesis 29

Jakob werk vir Laban

¹Jakob het sy reis voortgesit na die land van die mense in die ooste toe.

²Hy het onverwags uitgekom by 'n put in die veld waar drie troppe kleinvee lê. Die wagters het die kleinvee by hierdie put laat suip. Daar was 'n groot klip op die bek van die put,

³en wanneer al die veetroppe daar bymekaar is, rol die wagters die klip weg en dan gee hulle vir die vee water. Daarna sit hulle weer die klip terug op sy plek op die bek van die put.

⁴Jakob het hulle gevra: “Van waar is julle, my vriende? ” Hulle het geantwoord: “Ons is van Haran.”

⁵Toe vra hy vir hulle: “Ken julle vir Laban uit die geslag van Nahor? ” en hulle antwoord: “Ons ken hom.”

⁶Hy vra hulle toe: “Hoe gaan dit met hom? ” en hulle antwoord: “Goed, hier kom sy dogter Ragel nou net aan met die kleinvee.”

⁷Toe sê Jakob: “Die son sit nog hoog en dis nog nie tyd om die kleinvee in die kraal te jaag nie. Laat hulle suip en vat hulle om te wei.”

⁸Maar die wagters antwoord: “Ons kan hulle nie laat suip voor al die troppe hier bymekaar is nie. Dan word die klip van die bek van die put af weggerol en laat ons die vee suip.”

⁹Terwyl hy nog met hulle staan en praat, kom Ragel daar aan met haar pa se kleinvee. Sy het hulle opgepas.

¹⁰Toe Jakob vir Ragel, die dogter van sy ma se broer Laban, sien met haar pa se kleinvee, het Jakob nader gekom en die klip van die put af weggerol en Laban se kleinvee laat suip.

¹¹Daarna het Jakob vir Ragel gesoen en toe het hy begin huil.

¹²Nadat hy vir haar gesê het hy is familie, Rebekka se seun, het sy gehardloop en dit vir haar pa gaan vertel.

¹³Toe hy hoor dat Jakob sy susterskind is, het hy na hom toe gehardloop, hom omhels en gesoen. Laban het hom na sy huis toe gevat, en toe vertel Jakob hom alles.

¹⁴Laban het geantwoord: “Dis reg. Jy is bloedfamilie! ” Nadat Jakob 'n maand lank by hom gebly het,

¹⁵het Laban vir Jakob gesê: “Jy is familie, maar dit beteken nie dat jy vir my verniet moet werk nie. Sê vir my wat moet ek jou betaal.”

¹⁶Laban het twee dogters gehad. Die oudste was Lea en die jongste Ragel.

¹⁷Lea het sagte oë gehad, maar Ragel was mooi gebou. Sy was beeldskoon.

¹⁸Jakob het haar liefgehad en hy het vir Laban gesê: “Ek sal sewe jaar vir u werk vir u jongste dogter Ragel.”

¹⁹Toe sê Laban: “Goed! Ek sal haar liewer met jou laat trou as met enige ander man. Bly hier by my.”

²⁰Jakob het toe sewe jaar gewerk vir Ragel, en dit was vir hom soos 'n paar dae, want hy het haar liefgehad.

²¹Daarna het hy vir Laban gesê: “Gee my nou my vrou. Die tyd is verby. Ek wil nou met haar trou.”

²²Laban het al die mense van die omgewing bruilof toe genooi,

²³maar die aand van die troue het hy sy dogter Lea gevat en haar na Jakob toe gebring, en hy het met haar gemeenskap gehad.

²⁴Laban het sy slavin Silpa vir sy dogter Lea as persoonlike slavin saamgegee.

²⁵Die môre sien Jakob toe dis al die tyd Lea. Toe vra hy vir Laban: “Wat het u my aangedoen? Het ek nie by u gewerk vir Ragel nie? Waarom het u my bedrieg? ”

²⁶Laban het geantwoord: “By ons is dit nie die gebruik dat 'n mens jou jongste dogter voor die oudste laat trou nie.

²⁷Wag net hierdie week, dan gee ek die jongste ook vir jou as jy nog sewe jaar by my sal werk.”

²⁸Jakob het ingestem en daardie week gewag. Toe gee Laban sy dogter Ragel vir hom as vrou.

²⁹Laban het sy slavin Bilha vir sy dogter Ragel as persoonlike slavin saamgegee.

³⁰Jakob het ook met Ragel gemeenskap gehad. Hy het vir Ragel baie liewer gehad as vir Lea en nog sewe jaar by Laban gewerk.

Jakob se kinders

³¹Toe die Here sien dat Jakob nie vir Lea liefhet nie, het die Here vir haar kinders gegee, terwyl Ragel kinderloos gebly het.

³²Lea het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en hom Ruben genoem, “want,” het sy gesê, “die Here het my smart raakgesien. Nou sal my man my liefhê.”

³³Lea het weer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en sy het gesê: “Die Here het gehoor dat ek nie liefde ontvang nie. Daarom het Hy my hierdie seun gegee.” Sy het hom Simeon genoem.

³⁴Sy het weer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Toe sê sy: “Na hierdie keer sal my man aan my gebind wees, want ek het nou al drie seuns vir hom in die wêreld gebring.” Daarom het sy die seun Levi genoem.

³⁵Sy het nog 'n keer swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Sy het gesê: “Hierdie keer prys ek die Here.” Daarom het sy die seun Juda genoem. Daarna het sy vir eers nie weer kinders gehad nie.

Genesis 30

¹Toe Ragel merk dat sy nie vir Jakob kinders in die wêreld bring nie, het sy jaloers geword op haar suster. Ragel het vir Jakob gesê: “Gee vir my seuns, anders sterf ek.”

²Jakob het hom vererg vir Ragel en vir haar gevra: “Kan ek God se werk oorneem? Dit is Hy wat sorg dat jy nie swanger word nie.”

³Ragel het vir hom gesê: “Hier is my slavin Bilha. Hou gemeenskap met haar sodat sy haar kind op my knieë in die wêreld kan bring en ek deur haar 'n kind kan hê.”

⁴Ragel het vir Bilha aan Jakob gegee as vrou en hy het met haar gemeenskap gehad.

⁵Sy het swanger geword en vir Jakob 'n seun in die wêreld gebring.

⁶Toe sê Ragel: “God het in my guns uitspraak gelewer, Hy het my gebed verhoor en vir my 'n seun gegee.” Daarom het sy hom Dan genoem.

⁷Bilha die slavin van Ragel het weer swanger geword en 'n tweede seun vir Jakob in die wêreld gebring.

⁸Ragel het toe gesê: “Ek was in 'n bitter swaar stryd gewikkel met my suster, maar ek het gewen.” Toe noem sy die seun Naftali.

⁹Toe Lea besef sy bring nie meer kinders in die wêreld nie, het sy haar slavin Silpa gevat en vir Jakob gegee as vrou.

¹⁰Sy het vir hom 'n seun in die wêreld gebring,

¹¹en Lea het gesê: “Nou is ek gelukkig! ” Sy het die seun Gad genoem.

¹²Daarna het Lea se slavin Silpa 'n tweede seun vir Jakob in die wêreld gebring,

¹³en Lea het gesê: “Hoe gelukkig is ek. Die vrouens sal my Die Gelukkige noem!” Toe noem sy die seun Aser.

¹⁴Op 'n keer het Ruben in die oestyd veld toe gegaan en liefdesappels gepluk. Hy het dit vir sy ma Lea gebring. Ragel het vir haar gesê: “Gee vir my van die liefdesappels wat jou seun gebring het.”

¹⁵Toe vra Lea vir haar: “Is jy nie daarmee tevrede dat jy my man gevat het nie? Wil jy nou nog ook die liefdesappels vat wat my seun gebring het? ” Daarop het Ragel geantwoord: “In ruil daarvoor mag Jakob vannag by jou slaap.”

¹⁶Toe Jakob die aand van die veld af kom, gaan Lea hom tegemoet en sê vir hom: “Jy moet na my toe kom, want om jou te kry, het ek die volle prys betaal met die liefdesappels wat my seun gebring het.” Daardie nag het Jakob toe by haar geslaap.

¹⁷God het Lea se gebed verhoor, en sy het swanger geword en 'n vyfde seun vir Jakob in die wêreld gebring.

¹⁸Sy het gesê: “God het my 'n loon gegee omdat ek my slavin aan my man gegee het.” Toe noem sy die seun Issaskar.

¹⁹Lea het weer swanger geword en 'n sesde seun vir Jakob in die wêreld gebring.

²⁰Toe sê sy: “God het hierdie keer 'n mooi geskenk aan my gegee. Nou sal my man by my bly, want ek het ses seuns vir hom in die wêreld gebring.” Toe noem sy die seun Sebulon.

²¹Daarna het sy 'n dogter in die wêreld gebring en haar Dina genoem.

²²God het op Ragel ag geslaan en haar gebed verhoor. Hy het haar nie langer kinderloos gelaat nie.

²³Sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring en toe sê sy: “God het my skande weggeneem.”

²⁴Toe noem sy die seun Josef, “want,” het sy gesê, “die Here sal my nog 'n seun gee.”

Laban bedrieg vir Jakob

²⁵Nadat Ragel vir Josef in die wêreld gebring het, het Jakob vir Laban gesê: “Laat my trek. Ek wil na my geboorteland toe gaan.

²⁶Gee my nou my vrouens en kinders vir wie ek by u gewerk het, want ek wil weggaan. U weet hoe goed ek vir u gewerk het.”

²⁷Maar Laban het vir hom gesê: “Dink tog aan wat jy vir my beteken. Ek het die tekens gelees en agtergekom dat die Here my seën om jou ontwil.”

²⁸Verder het Laban vir Jakob gesê: “Stel self jou loon vas, en ek betaal jou dit om vir my te werk.”

²⁹Daarop sê Jakob vir hom: “U weet hoe ek vir u gewerk het, en hoe dit met u kudde gegaan het terwyl hulle by my was.

³⁰Die bietjie wat u gehad het voor ek gekom het, het baie geword, want die Here het u geseën vandat ek by u gekom het. Wanneer sal ek vir my huis kan begin werk? ”

³¹Toe vra Laban: “Wat moet ek jou betaal? ” en Jakob antwoord: “U hoef my niks te betaal nie. Ek sal weer u kleinvee oppas as u my dit wil laat doen.

³²Ek sal vandag al u kleinvee deurgaan om al die gestreepte en bont skaaplamms en al die swart skape en die bont en gestreepte bokke af te keer. Dit sal my betaling wees.

³³Wanneer u dan eendag kom kyk na wat ek by u verdien het, sal dit duidelik wees of ek eerlik was of nie: alles onder my bokke wat nie gestreep of bont is nie, en al die skape wat nie swart is nie, sal vee wees wat ek gesteel het.”

³⁴Laban het geantwoord: “Goed! Laat dit wees soos jy gesê het.”

³⁵Maar dieselfde dag nog het Laban al die gevlekte en bont bokramme en al die gestreepte en bont bokooie afgekeer en ook alles waaraan iets wits was en al die swart skape, en dit alles onder die sorg geplaas van sy seuns.

³⁶Hy het hierdie trop van hom op 'n afstand van drie dae se trek van Jakob af laat oppas. Jakob self het Laban se ander vee opgepas.

³⁷Jakob het toe jong lote van populiere, amandels en plataanbome gevat en stroke daarvan afgeskil, sodat daar wit strepe op die lote was.

³⁸Hy het die lote wat hy so afgeskil het, in die waterkrippe gesit, reg voor die kleinvee waar hulle kom suip het. Wanneer die ooie dan op hitte kom en kom suip,

³⁹is hulle by die lote gedek en het hulle gevlekte en gestreepte en bont lammers gekry.

⁴⁰Jakob het die skape uitgekeer en hulle laat kyk in die rigting van die gevlekte en swart vee van Laban. So het Jakob vir hom sy eie kuddes opgebou en hy het hulle nie by Laban se kleinvee laat kom nie.

⁴¹Wanneer die sterk diere gedek moes word, het Jakob die lote voor hulle in die krippe gesit sodat hulle by die lote gedek kon word.

⁴²Maar hy het nie die lote by die swak diere gesit nie. So het dit gekom dat Laban die swakkes gekry het en Jakob die sterkes.

⁴³Die man het al hoe ryker geword. Hy het baie kleinvee, slavinne, slawe, kamele en donkies gehad.

Genesis 31

Jakob trek na Kanaän toe

¹Jakob het die seuns van Laban hoor sê: “Jakob het alles gevat wat aan Pa behoort. Hy het hierdie hele rykdom verkry uit wat aan Pa behoort.”

²Jakob het ook aan Laban gemerk dat hy nie meer soos voorheen oor hom voel nie.

³Toe sê die Here vir Jakob: “Gaan terug na jou vaderland, na jou familie toe. Ek sal by jou wees.”

⁴Toe laat Jakob vir Ragel en Lea veld toe roep, na sy kleinvee toe.

⁵Hy het vir hulle gesê: “Ek merk aan julle pa dat hy nie meer soos voorheen oor my voel nie. Maar die God van my vader was by my.

⁶Julle weet dat ek baie hard gewerk het vir julle pa.

⁷Tog het hy my bedrieg en my loon kort-kort verander. Maar God het hom nie toegelaat om my te benadeel nie.

⁸Wanneer julle pa sê: ‘Die gestreepte kleinvee is jou loon,’ kry die hele trop gestreepte lammers, en wanneer hy sê: ‘Die gevlekte is jou loon,’ kry die hele trop gevlekte lammers.

⁹So het God die besitting van julle pa gevat en vir my gegee.

¹⁰“In die paartyd van die kleinvee het ek in 'n droom gesien dat die ramme waardeur die ooie gedek word, gevlek, gestreep en gespikkel is.

¹¹“Die Engel van God het my in die droom geroep: ‘Jakob! ’ en ek het geantwoord: ‘Hier is ek! ’

¹²“Toe sê Hy vir my: Kyk mooi: al die bokramme waardeur die ooie gedek word, is gevlek, gestreep en gespikkel. Ek het alles gesien wat Laban jou aangedoen het.

¹³Ek is die God van Bet-El waar jy olie op 'n klippilaar uitgegiet en 'n gelofte teenoor My afgelê het. Maak klaar en trek weg uit hierdie land. Gaan terug na jou geboorteland toe.”

¹⁴Daarop het Ragel en Lea vir Jakob gesê: “Ons het nie meer enige aandeel aan ons vaderhuis nie.

¹⁵Ons word deur Pa as vreemdelinge beskou. Hy het ons verkoop en die geld opgebruik.

¹⁶Al die besittings wat God van hom afgevat het, is ons en ons kinders s'n. Doen dus gerus maar alles wat God vir jou gesê het.”

¹⁷Jakob het toe klaargemaak en sy vrouens en kinders op kamele laat klim,

¹⁸en hy het al sy vee saamgevat en ook al sy besittings wat hy in Paddan-Aram bymekaargemaak het, en na sy pa, na Isak toe vertrek in Kanaän.

Jakob en Laban maak 'n ooreenkoms

¹⁹Laban was weg om sy skape te gaan skeer. Toe steel Ragel haar pa se afgodsbeeldjies.

²⁰Jakob het ook vir Laban die Arameër bedrieg deur hom nie te vertel van sy vlug nie.

²¹Jakob het gevlug met alles by hom. Hy het deur die Eufraatrivier getrek en koers gekies Gileadberg toe.

²²Drie dae later is aan Laban vertel dat Jakob gevlug het.

²³Laban het die mans in sy familie saamgevat en vir Jakob agternagesit. Na sewe dae het Laban hom ingehaal by Gileadberg.

²⁴Dié nag het God in 'n droom na Laban die Arameër toe gekom en vir hom gesê: “Wees versigtig met wat jy vir Jakob sê! ”

²⁵Toe Laban by Jakob kom, was sy kamp opgeslaan by Gileadberg, en Laban-hulle het ook daar kamp opgeslaan.

²⁶Hy het vir Jakob gesê: “Wat het jy gedoen? Jy het my bedrieg en my dogters weggevat asof hulle krygsgevangenes is.

²⁷Waarom het jy in die geheim gevlug? Jy het my bedrieg en my niks vertel nie. Ek sou jou laat vertrek het met 'n fees en met liedere, met tamboeryne en met liere.

²⁸Jy het my nie eens toegelaat om my kleinkinders en my dogters te groet nie. Jy het 'n ongehoorde ding gedoen.

²⁹Ek het die mag om julle kwaad aan te doen, maar die God van jou voorvaders het verlede nag vir my gesê: ‘Wees versigtig met wat jy vir Jakob sê.’

³⁰Maar nou, as jy weggetrek het net omdat jy so baie verlang na jou familie, waarom het jy dan my gode gesteel? ”

³¹Toe sê Jakob vir Laban: “Ek het gevlug, want ek was bang, ek het gedink u sal u dogters van my af wegvat.

³²Maar die een by wie u u gode kry, moet sterf. Kyk hier waar ons familie bystaan wat daar van u by my is en vat dit saam terug.” Jakob het nie geweet dat Ragel die gode gesteel het nie.

³³Laban het niks in Jakob se tent gekry nie, ook nie in dié van Lea en in dié van die twee persoonlike slavinne nie. Laban is toe uit Lea se tent uit na Ragel s'n toe.

³⁴Ragel het die afgodsbeeldjies gevat en onder die kameelsaal gesit en daarop gaan sit. Laban het haar hele tent behoorlik gefynkam maar niks gekry nie.

³⁵Toe sê Ragel vir hom: “Pa moet tog nie vir my kwaad word nie, want ek kan nie vir Pa opstaan nie: ek is siek, soos dit maar elke maand met 'n vrou gaan.” Laban het toe verder rondgesoek, maar nie die afgodsbeeldjies gekry nie.

³⁶Toe word Jakob kwaad en hy verwyt vir Laban: “Wat het ek verkeerd gedoen? Waar het ek oortree dat u my agternagesit het?

³⁷U het my besittings gefynkam. Wat het u gekry wat uit u huis kom? Sit dit hier voor ons familie neer sodat hulle as regters tussen ons twee kan optree.

³⁸“Dis nou twintig jaar dat ek by u was. U skaapooie en u bokooie het gereeld gelam, en ek het nie u skaapramme geslag nie.

³⁹Wat deur wilde diere verskeur is, het ek nie na u toe gebring nie, ek moes dit vervang. Wat oordag of in die nag gesteel is, het u van my geëis.

⁴⁰Bedags het die hitte my verrinneweer en snags die koue, ek kon nie slaap nie.

⁴¹Dis nou twintig jaar dat ek in u huis is: veertien jaar het ek vir u gewerk vir u twee dogters en ses vir kleinvee uit u trop, en u het my betaling kort-kort verander.

⁴²As die God van my voorvaders, die God van Abraham, die Beskermer van Isak, nie by my was nie, sou u my met leë hande weggestuur het. Maar God het gesien hoe swaar ek gekry het en hoe hard ek gewerk het en Hy het verlede nag in my guns uitspraak gelewer.”

⁴³Laban het vir Jakob geantwoord: “Dit is my dogters en my kinders en my kleinvee: alles wat jy hier sien, is myne. Waarom sou ek vandag my dogters of die kinders wat deur hulle in die wêreld gebring is, iets aandoen?

⁴⁴Kom ons maak liever 'n ooreenkoms. Laat daar 'n getuienis wees om ons daaraan te herinner.”

⁴⁵Toe vat Jakob 'n klip en sit dit regop neer as herinneringsklip.

⁴⁶Hy het vir die mense by hom gesê: “Maak nog klippe bymekaar.” Hulle het dit gedoen en 'n kliphoop gepak. Toe het hulle daar by die kliphoop geëet.

⁴⁷Laban het die kliphoop genoem: Jegar-Sahaduta, en Jakob het dit genoem: Galed.

⁴⁸Laban het toe gesê: “Hierdie kliphoop word vandag vir ons 'n getuienis,” en hy het dit Galed genoem.

⁴⁹Laban het ook nog gesê: “Dit is Mispa, want die Here hou 'n oog oor ons wanneer ons mekaar nie meer kan sien nie.

⁵⁰Dan sal jy nie my dogters mishandel nie en ook nie vir jou nog vrouens vat nie. Wanneer daar niemand anders by ons is nie, sal God getuie wees in die saak tussen ons.”

⁵¹Verder het Laban vir Jakob gesê: “Kyk na hierdie kliphoop en kyk na die klippilaar wat ek regop gesit het. Dit staan tussen ons.

⁵²Hierdie kliphoop is 'n teken en die klippilaar is 'n teken: ek sal nie hier verby gaan na jou toe om jou aan te val nie, en jy sal nie hier verby kom om my aan te val nie.

⁵³Die God van Abraham, die God van Nahor, die God van hulle twee se vader sal as regter optree.” Toe het Jakob 'n eed afgelê in die Naam van die Beskermer van Isak.

⁵⁴Jakob het daar op die berg geoffer en toe het hy die mense by hom genooi om te eet. Nadat hulle klaar geëet het, het hulle daar by die berg oornag.

⁵⁵Vroeg die volgende môre het Laban sy kleinseuns en sy dogters met seënwenne gegroet. Hy het toe vertrek, terug huis toe.

Genesis 32

Jakob se naam word verander

¹Jakob het sy koers gegaan, en engele van God het hom teëgekom.

²Toe Jakob hulle sien, sê hy: “Dit is 'n leër van God,” en Jakob het die plek Maganajim genoem.

³Daarna het Jakob boodskappers vooruitgestuur na sy broer Esau toe, na die Seïrstreek toe, die gebied van Edom.

⁴Jakob het vir hulle gesê: “So moet julle vir my geagte broer, vir Esau sê: So sê Jakob wat aan u onderdanig wil wees: Ek het tot nou toe by Laban gebly.

⁵Ek besit beeste, donkies, kleinvee, slawe en slavinne. Ek laat u dit weet om te verneem of ek by u welkom sal wees.”

⁶Die boodskappers het na Jakob toe teruggekom en kom sê: “Ons het by u broer Esau aangekom, maar toe was hy al op pad na u toe met vier honderd man by hom.”

⁷Jakob het baie bang geword,angs het hom oorval. Toe deel hy die mense by hom, en die kleinvee, die beeste en die kamele in twee groepe,

⁸want hy het gedink: as Esau by die eerste groep kom en dit uitwis, kan die ander groep dalk wegkom.

⁹Daarna het Jakob gebid: “Here, God van my voorvader Abraham, God van my vader Isak, U wat vir my gesê het om terug te gaan na my land en my familie toe en U sal goed doen aan my,

¹⁰ek is al u gunsbewyse nie werd nie, ook nie die trou waarmee U my versorg het nie. Toe ek destyds deur die Jordaan is, het ek net my kerie gehad, en nou het ek hierdie twee groot groepe.

¹¹Red my tog uit die mag van my broer Esau, ek is bang vir hom. Hy kan dalk kom en my doodmaak, en ook die moeders en kinders.

¹²U het my tog beloof: Ek sal beslis goed doen aan jou, Ek sal jou nageslag so baie maak soos die sand van die see, wat nie getel kan word nie.”

¹³Jakob het daar oornag en die volgende môre vat hy toe uit sy besitting 'n geskenk vir sy broer Esau:

¹⁴twee honderd bokooie en twintig bokramme, twee honderd skaapooie en twintig ramme,

¹⁵dertig kameelkoeie met kalwers, veertig koeie en tien bulle, twintig donkiemerries en tien hingste.

¹⁶Hy het elke trop aan 'n slaaf gegee en gesê: “Trek vorentoe, maar hou 'n afstand tussen die troppe.”

¹⁷Hy het die voorste slaaf beveel: “Wanneer my broer Esau jou kry en jou vra: ‘Wie is jy? Waarvandaan kom jy en aan wie behoort al hierdie goed voor jou?’

¹⁸moet jy sê: Dit behoort aan Jakob wat aan u onderdanig wil wees. Dit word as geskenk aan Meneer gestuur, en hy kom self ook agter ons aan.”

¹⁹Jakob het dieselfde opdrag aan die tweede slaaf gegee, en ook aan die derde en aan elkeen wat agter 'n trop was. Jakob het vir hulle gesê: “Wat ek vir die voorste gesê het, moet julle almal vir Esau sê as julle by hom kom.

²⁰Verder moet julle ook nog sê: Jakob kom agter ons aan. Hy wil aan u onderdanig wees.” Jakob het naamlik gedink: met die geskenk wat voor my uit gaan, sal ek probeer om hom in 'n goeie bui te kry. Dan sal ek na hom toe gaan en miskien ontvang hy my dan vriendelik.

²¹So is die geskenk voor Jakob uit gestuur, maar hy het die aand in die kamp oorgebly.

²²Die nag het hy opgestaan en sy twee vrouens en sy twee persoonlike slavinne en sy elf kinders gevat en deur Jabbokdrif gegaan.

²³Nadat hy hulle deur die rivier gevat het, het hy ook alles wat hy besit, laat deurgaen.

²⁴Jakob het alleen daar agtergebly, en 'n man het tot dagbreek met hom gestoei.

²⁵Toe die man agterkom dat hy nie vir Jakob kan wen nie, het die man, terwyl hy met hom stoei, vir Jakob teen die heup geslaan sodat dit uit die potjie gespring het.

²⁶Die man het vir Jakob gesê: “Los my, want die dag breek.” Jakob het geantwoord: “Ek sal jou net los as jy my seën.”

²⁷Toe vra die man: “Wat is jou naam?” en hy antwoord: “Jakob.”

²⁸Die man het gesê: “Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel, want jy het teen God en teen mense 'n stryd gevoer en jy het dit end-uit volgehou.”

²⁹Toe sê Jakob: “Sê my tog jou naam,” en die man vra: “Waarom vra jy my naam? ” Hy het vir Jakob net daar geseën,

³⁰en Jakob het die plek Pniël genoem, “want,” het hy gesê, “ek het God van aangesig tot aangesig gesien en tog het ek nie omgekom nie.”

³¹Net toe Jakob by Pniël verbygaan, het die son opgekom. Jakob het mank gebly aan sy heup,

³²en daarom eet die Israeliete tot nou toe nie die senuweebondel wat aan die heup vaskom nie, want die man het vir Jakob teen sy heup geslaan, op die heupsenuwee.

Genesis 33

Jakob en Esau ontmoet mekaar

¹Toe Jakob deur die spruit was, het hy vir Esau in die verte sien aankom met vier honderd man by hom. Jakob het die kinders onder Lea en Ragel en die twee persoonlike slavinne verdeel

²en die slavinne met hulle kinders op die voerpunt gesit. Lea met haar kinders was agter hulle en Ragel en Josef heel agter.

³Hy self het verbygegaan tot heel voor en toe hy nader na sy broer toe kom, het hy sewe keer diep gebuig.

⁴Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels. Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.

⁵Esau het opgekyk en die vrouens en kinders gesien en toe sê hy: “Wie is al hierdie mense by jou? ” Jakob het geantwoord: “Dit is die kinders wat God in sy liefde aan my gegee het.”

⁶Die persoonlike slavinne het met hulle kinders nader gekom en gebuig

⁷en toe het ook Lea met haar kinders nader gekom en gebuig. Josef en Ragel was heel agter en ook hulle het nader gekom en gebuig.

⁸Toe vra Esau: “En wat is jou bedoeling met al daardie goed wat ek gekry het?” en Jakob antwoord: “Dit is om u vriendskap te wen.”

⁹Maar Esau sê vir hom: “Broer, ek besit self baie. Wat joune is, moet joune bly.”

¹⁰Toe sê Jakob: “Nee, as u my goedgesind is, moet u my geskenk aanvaar. Ek het na u toe gekom om u goedgesindheid te wen net soos wanneer 'n mens in die teenwoordigheid van God verskyn. En u het my vriendelik ontvang.

¹¹Aanvaar tog my geskenk wat vir u gebring is, want God was goed vir my en ek het oorgenoeg.” Jakob het by Esau daarop aangedring, en toe aanvaar hy die geskenk.

¹²Hy het vir Jakob gesê: “Breek kamp op dat ons verder kan trek. Ek sal vooruit trek om jou te beskerm.”

¹³Maar Jakob het hom geantwoord: “U sien tog self die ou kindertjies is maar klein en die lammertjies en die kalwers by my is nog swak. As 'n mens hulle net een dag te hard aandryf, is die hele klomp dood.

¹⁴Trek u maar vooruit voor my en dan kom ek op my gemak agterna. Ek sal volgens die pas van die vee en van die kinders na u toe kom in Seir.”

¹⁵Toe sê Esau: “Dan los ek 'n paar van my manne by jou,” maar Jakob vra: “Waarom wil u dit doen? U is my tog goedgesind?”

¹⁶Esau is daardie dag nog terug op sy pad Seir toe.

¹⁷Jakob het gaan tent opslaan by Sukkot en daar het hy vir hom 'n huis gebou. Hy het ook takkrale vir sy vee gemaak, en daarom word die plek Sukkot genoem.

Jakob koop grond naby Sigem

¹⁸Nadat Jakob uit Paddan-Aram weg is, het hy veilig by Sigem in Kanaän aangekom. Hy het net buite die stad kamp opgeslaan.

¹⁹Toe koop hy die stuk grond waar sy tent staan, vir honderd geldstukke by die seuns van Gamor, die pa van Sigem.

²⁰Jakob het daar 'n altaar gebou en dit genoem: Die God van Israel is God.

Genesis 34

Dina en die mense van Sigem

- ¹Dina, die dogter wat deur Lea vir Jakob in die wêreld gebring is, het op 'n keer gaan kuier by die dogters van die omgewing.
- ²Toe Sigem seun van die Hewiet Gamor, 'n volksleier, haar sien, het hy haar gegryp en met haar gemeenskap gehad. Hy het haar verkrag.
- ³Daarna het hy al hoe meer begin hou van Dina dogter van Jakob. Hy het die meisie lief gekry en haar hart probeer wen.
- ⁴Hy het vir sy pa, vir Gamor gesê: “Kry vir my daardie meisie as vrou.”
- ⁵Jakob het verneem dat sy dogter Dina deur Sigem onteer is, maar omdat Jakob se seuns met die vee in die veld was, het hy niks gedoen voor hulle terug was nie.
- ⁶Toe Gamor, Sigem se pa, na Jakob toe gaan om met hom te praat oor Dina,
- ⁷kom Jakob se seuns juis van die veld af by die huis aan en toe hulle hoor wat gebeur het, was die manne ontsteld. Hulle was baie kwaad, want Sigem het 'n gruwelike ding aangevang toe hy met die dogter van Jakob, 'n Israelitiese meisie, gemeenskap gehad het. So iets doen 'n mens nie.
- ⁸Gamor het vir hulle gesê: “My seun Sigem hou baie van die dogter uit julle huis. Laat haar tog met hom trou.
- ⁹Kom ons word familie van mekaar. Dan kan julle dogters met ons trou en ons dogters met julle.
- ¹⁰Dan bly julle hier by ons. Ons land is tot julle beskikking. Bly net hier of trek rond en kry julle eie grond hier by ons.”
- ¹¹Toe sê Sigem vir Dina se pa en haar broers: “As julle instem, sal ek betaal wat julle ook al van my vra.
- ¹²Julle kan maar die vergoeding wat ek moet gee, net so groot maak soos julle wil. Ek sal ook nog enige ander geskenk gee wat julle vra. Gee net asseblief die meisie vir my dat ek met haar kan trou.”

¹³Jakob se seuns het egter nie vir Sigem en sy pa Gamor 'n reguit antwoord gegee nie, want die broers se suster Dina was onteer.

¹⁴Hulle het toe gesê: “Ons kan nie ons suster sommer so laat trou met 'n man wat nie besny is nie. Dit is vir ons 'n ongehoorde ding.

¹⁵Ons kan net instem as julle soos ons word: besny al julle mans.

¹⁶Dan kan ons ons dogters met julle laat trou en kan ons met julle dogters trou. Dan sal ons by julle bly en ons sal een volk word.

¹⁷Maar as julle nie na ons luister nie en julle nie laat besny nie, sal ons ons suster vat en wegtrek.”

¹⁸Gamor en sy seun Sigem het hiertoe ingestem.

¹⁹Die jongman Sigem wou nie die saak laat sloer nie, want hy was lief vir Jakob se dogter. Omdat Gamor en Sigem die meeste gesag onder hulle mense gehad het,

²⁰het hulle na die stadspoort toe gegaan en daar vir die mans van die stad gesê:

²¹“Hierdie vreemde mense het met goeie bedoelings na ons toe gekom. Hulle wil hier kom bly en met hulle kuddes in ons land rond trek: die land is groot en lê oop voor hulle. Dan kan ons met hulle dogters trou en hulle met ons s'n.

²²Hierdie mense sal egter net by ons kom bly en saam met ons een volk word as al ons mansmense besny word soos dit by hulle is.

²³Hulle kuddes, al hulle vee, hulle besittings, word ons eiendom as ons instem, en dan sal hulle by ons bly.”

²⁴Al die mans van die stad het na Gamor en sy seun Sigem geluister, en hulle almal is besny.

²⁵Drie dae later toe hulle baie pyn gehad het, het Jakob se twee seuns Simeon en Levi, die broers van Dina, elkeen sy swaard gevat en sonder om agterdog te wek, die stad ingegaan en al die mans doodgemaak,

²⁶ook vir Gamor en sy seun Sigem. Hulle het vir Dina uit Sigem se huis uit weggevat en uit die stad uit gegaan.

²⁷Jakob se seuns het toe op die slagoffers toegesak en die stad geplunder omdat hulle suster daar onteer is:

²⁸kleinvee, beeste, donkies, alles in die stad en alles in die veld het hulle vir hulle gevat.

²⁹Ja, hulle het alles geplunder wat daar in die stad was, hulle het alles wat in die huise was, buitgemaak; ook die kinders en vrouens is as gevangenes saamgevat.

³⁰Toe sê Jakob vir Simeon en Levi: “Julle het my in die moeilikheid gebring, want julle het my naam sleg gemaak by die mense van hierdie land, die Kanaäniete en die Feresiete. Ek het maar 'n klein klompie mans by my. As die mense van die land almal saamstaan teen my, sal hulle my en my mense verslaan en ons om die lewe bring.”

³¹Toe antwoord hulle: “Hy moes nie ons suster soos 'n hoer behandel het nie!”

Genesis 35

Jakob kom weer by Bet-El

¹God het vir Jakob gesê: “Maak jou klaar en gaan na Bet-El toe en bly daar. Bou vir My daar 'n altaar. Ek is die God wat daar aan jou verskyn het toe jy vir jou broer Esau gevlug het.”

²Toe sê Jakob vir sy hele huis en vir almal by hom: “Haal uit al die afgodsbeelde wat by julle is. Reinig julle en trek ander klere aan.

³Ons moet klaarmaak en Bet-El toe gaan. Daar moet ek 'n altaar gaan bou vir die God wat my gebed verhoor het toe ek in die moeilikheid was en wat by my was waar ek ook al gegaan het.”

⁴Hulle het toe al die afgodsbeelde in hulle besit vir Jakob gegee en ook hulle oorringe. Hy het dit onder die groot boom by Sigem begrawe.

⁵Toe Jakob-hulle wegtrek, het God die mense van die stede in daardie omgewing so bang gemaak vir Jakob en sy seuns dat hulle nie agtervolg is nie.

⁶Jakob en al die mense by hom het by Lus aangekom. Dit is die Lus wat in Kanaän geleë is, nou bekend as Bet-El.

⁷Hy het daar 'n altaar gebou en die plek El-Bet-El genoem, want God het daar aan hom verskyn toe hy vir sy broer gevlug het.

⁸Debora, die vrou aan wie Rebekka as kind gedrink het, het daar gesterf en hulle het haar begrawe onder die groot boom naby Bet-El, en hulle het dit Huilboom genoem.

⁹Nadat Jakob uit Paddan-Aram terug was, het God weer aan hom verskyn en hom geseën.

¹⁰God het vir hom gesê: “Jy is Jakob, maar jy sal nie langer Jakob genoem word nie. Jou naam sal Israel wees.” God het hom toe Israel genoem.

¹¹God het verder vir hom gesê: “Ek is God die Almagtige. Wees vrugbaar en word 'n groot nasie. Baie nasies sal van jou afstam. Jy sal die voorvader wees van konings.

¹²Hierdie land wat Ek aan Abraham en aan Isak gegee het, sal Ek aan jou gee en ná jou gee Ek dit aan jou nageslag.”

¹³Toe het God van Jakob af weggegaan, en op die plek waar God met hom gepraat het,

¹⁴het Jakob 'n klip regop gesit, presies op die plek waar die Here met hom gepraat het. Hy het 'n drankoffer daarop uitgegiet en ook olie.

¹⁵Hy het die plek waar God met hom gepraat het, Bet-El genoem.

Die geboorte van Benjamin

¹⁶Jakob-hulle het van Bet-El af getrek na Efrata toe. Hulle was nog 'n ent daarvandaan toe bring Ragel 'n kind in die wêreld. Dit was 'n moeilike geboorte.

¹⁷Met dié dat Ragel so swaar ly by die bevalling, sê die vroedvrou vir haar: “Moenie bekommerd wees nie. Ook hierdie keer het jy 'n seun!”

¹⁸Maar Ragel was aan die sterf en terwyl sy haar laaste asem uitblaas, noem sy die seuntjie Ben-Oni. Sy pa het hom egter Benjamin genoem.

¹⁹Ragel het gesterf, en sy is begrawe langs die pad na Efrata toe, dit is Betlehem.

²⁰Jakob het 'n groot klip op haar graf gesit. Dit is die klip wat nou nog op haar graf is.

'n Stukkie familiegeskiedenis

²¹Israel het verder weggetrek en kamp opgeslaan anderkant Migdal-Eder.

²²Terwyl Israel in daardie landstreek gebly het, het Ruben gemeenskap gehad met Bilha, sy pa se slavinvrou. Israel het dit te hore gekom. Jakob het twaalf seuns gehad.

²³Die seuns van Lea was Ruben, die oudste, Simeon, Levi, Juda, Issaskar en Sebulon.

²⁴Die seuns van Ragel was Josef en Benjamin.

²⁵Die seuns van Ragel se persoonlike slavin Bilha was: Dan en Naftali.

²⁶Die seuns van Lea se persoonlike slavin Silpa was: Gad en Aser. Dit is Jakob se seuns wat in Paddan-Aram gebore is.

²⁷Jakob is na sy pa Isak toe in Mamre by Kirjat-Arba, dit is Hebron, waar Isak gebly het, en vroeër ook Abraham.

²⁸Isak het honderd en tagtig jaar oud geword

²⁹en toe is hy dood. Hy het gesterf nadat hy oud geword en 'n vol lewe gehad het. Sy twee seuns Esau en Jakob het hom begrawe.

Genesis 36

Die familiegeskiedenis van Esau

(Vgl. 1 Kron. 1:35-37)

¹Hier volg besonderhede uit die familiegeskiedenis van Esau, dit is Edom.

²Esau het getrou met Kanaänitiese meisies: met Ada dogter van Elon, 'n Hetiet, met Oholibama dogter van Ana, dogter van Sibon, 'n Hewiet,

³en met Basemat dogter van Ismael en suster van Nebajot.

⁴Ada het vir Elifas in die wêreld gebring. Basemat het vir Reüel in die wêreld gebring

⁵en Oholibama vir Jeüs, Jalam en Korag. Dit is Esau se seuns wat vir hom in Kanaän gebore is.

⁶Maar Esau het met sy vrouens en sy seuns en dogters en al die mense by hom en met sy kleinvee en grootvee en al sy besittings wat hy in Kanaän bymekaargemaak het, weggetrek na 'n ander land toe, weg van sy broer Jakob af.

⁷Hulle twee se besittings was te veel, hulle kon nie saam boer nie, en die land waar hulle as vreemdelinge gebly het, kon nie hulle vee dra nie.

⁸Esau, dit is Edom, het in die Seirberge gaan woon.

⁹Hier volg die name van Esau se nageslag in die Seirberge. Esau was die voorvader van die Edomiete.

¹⁰Die name van Esau se seuns was: Elifas seun van Esau se vrou Ada, en Reüel seun van Esau se vrou Basemat.

¹¹Elifas se seuns was Teman, Omar, Sefo, Gatam en Kenas.

¹²Esau se seun Elifas het vir Timna as byvrou gehad, en sy het vir Amalek in die wêreld gebring. Dit was die nageslag van Esau se vrou Ada.

¹³Die seuns van Reüel was Nagat, Serag, Samma en Missa. Dit was die nageslag van Esau se vrou Basemat.

¹⁴Die seuns van Esau se vrou Oholibama dogter van Ana, dogter van Sibon, was Jeüs, Jalam en Korag. Hulle was Esau se seuns.

¹⁵Die volgende uit Esau se nageslag was stamhoofde. Uit Esau se oudste seun Elifas se seuns was daar Teman, Omar, Sefo, Kenas,

¹⁶Korag, Gatam en Amalek, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde in Edom, almal uit Elifas se huis, die nageslag van Ada.

¹⁷Uit Esau se seun Reüel was daar Nagat, Serag, Samma en Missa, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde in Edom, almal uit Reüel se huis, die nageslag van Esau se vrou Basemat.

¹⁸Die seuns van Esau se vrou Oholibama was Jeüs, Jalam, Korag, almal stamhoofde. Hulle was stamhoofde uit die geslag van Oholibama dogter van Ana, Esau se vrou.

¹⁹Dit was Esau, dit is Edom, se nageslag, en dit was hulle stamhoofde.

Die nageslag van Seïr

(Vgl. 1 Kron. 1:38-42)

²⁰Die eerste inwoner van die land Edom was Seïr die Goriet. Sy seuns was Lotan, Sobal, Sibon, Ana,

²¹Dison, Eser en Disan. Hulle was die Goritiese stamhoofde, die nageslag van Seïr, in Edom.

²²Lotan se seuns was Gori en Hemam. Timna was Lotan se suster.

²³Sobal se seuns was Alwan, Managat, Ebal, Sefi en Onam.

²⁴Sibon se seuns was Aja en Ana. Dit is die Ana wat die warmbronne in die woestyn ontdek het terwyl hy sy pa Sibon se donkies opgepas het.

²⁵Ana het 'n seun Disan en 'n dogter Oholibama gehad.

²⁶Dison se seuns was Gemdan, Esban, Jitran en Keran.

²⁷Eser se seuns was Bilhan, Saäwan en Akan.

²⁸Disan se seuns was Us en Aran.

²⁹Die stamhoofde van die Goriete was Lotan, Sobal, Sibon, Ana,

³⁰Dison, Eser en Disan. Dit is die Goritiese stamhoofde uit hulle families in Seïr.

Die konings van Edom

(Vgl. 1 Kron. 1:43-50)

³¹Daar het al konings oor Edom geregeer nog voor daar konings oor Israel geregeer het. Hier volg hulle name.

³²Bela seun van Beor het in die stad Dinhaba oor Edom geregeer.

³³Na sy dood het Jobab seun van Serag geregeer. Hy was afkomstig uit Bosra.

³⁴Na sy dood het Gusam geregeer. Hy was afkomstig uit die wêreld van die Temaniete.

³⁵Na sy dood het Hadad seun van Bedad in die stad Awit geregeer. Hadad het die Midianiete verslaan in die gebied van Moab.

³⁶Na sy dood het Samla geregeer. Hy was afkomstig uit Masreka.

³⁷Na sy dood het Saul geregeer. Hy was afkomstig uit Regobot-aan-die-Rivier.

³⁸Na sy dood het Baäl-Ganan seun van Akbor geregeer.

³⁹Na sy dood het Hadar in die stad Paü geregeer. Sy vrou was Mehetabel dogter van Matred, dogter van Me-Sahab.

Stamhoofde van Esau

(Vgl. 1 Kron. 1:51-54)

⁴⁰Dit is die stamhoofde van Esau volgens hulle families en hulle woonplekke. Hulle was Timna, Alwa, Jetet,

⁴¹Oholibama, Ela, Pinon,

⁴²Kenas, Teman, Mibsar,

⁴³Magdiël en Iram. Dit is die name van die stamhoofde van Edom volgens hulle woonplekke in die land waar hulle besittings gehad het. Esau was die voorvader van Edom.

Genesis 37

Josef en sy drome

¹Jakob het in Kanaän gebly, die land waar sy voorvaders ook as vreemdelinge gebly het.

²Hier volg die familiegeskiedenis van Jakob. Josef was nog jonk, sewentien, toe hy kleinvee opgepas het saam met sy broers, die seuns van Bilha en Silpa, sy pa se vrouens. Josef het slegte stories oor sy broers by hulle pa aangedra.

³Van al sy seuns was Israel die liefste vir Josef, die seun wat in sy ouderdom gebore is, en daarom het hy vir Josef lang klere met moue gemaak.

⁴Toe sy broers sien dat hulle pa vir Josef liewer het as vir enige van hulle, het hulle 'n afkeer van Josef gekry en het hulle niks goeds oor hom gesê nie.

⁵Op 'n keer het Josef gedroom en dit vir sy broers vertel. Daarna was hulle afkeer van hom nog groter.

⁶Hy het vir hulle gesê: “Luister na die droom wat ek gehad het. Ons was op die land besig om gerwe te bind

⁷en skielik gaan staan my gerf regop en julle gerwe gaan staan daar rondom en hulle buig voor myne.”

⁸Toe sê sy broers vir hom: “Jy verbeel jou jy sal oor ons koning word. Dink jy dalk jy sal oor ons regeer? ” Oor sy drome en sy praatjies het hulle 'n nog groter afkeer van hom gekry.

⁹Hy het ook nog 'n ander droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: “Ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig.”

¹⁰Toe hy dit vir sy pa en sy broers vertel, het sy pa hom berispe en vir hom gesê: “Wat vir 'n soort droom is dit wat jy gehad het? Verbeel jy jou ek en jou ma en jou broers moet voor jou kom buig? ”

¹¹Sy broers was afgunstig op hom, en sy pa het aan die droom bly dink.

Josef word 'n slaaf

¹²Josef se broers het hulle pa se kleinvee gaan oppas in Sigem.

¹³Toe sê Israel vir Josef: “Kyk, jou broers pas die kleinvee op in Sigem. Ek wil jou na hulle toe stuur.” Josef het geantwoord: “Goed, Pa! ”

¹⁴Toe sê Israel vir hom: “Gaan kyk of alles nog reg is by jou broers en met die kleinvee en kom vertel my alles.” Israel het hom van die laagte by Hebron af gestuur na Sigem toe.

¹⁵Hy het daar in die veld rondgesoek, en toe kom 'n man by hom en dié vra vir hom: “Wat soek jy? ”

¹⁶Josef antwoord hom: “Ek soek my broers. Kan jy my dalk sê waar hulle die kleinvee oppas? ”

¹⁷Toe sê die man: “Hulle het van hier af versit. Ek het gehoor hulle sê hulle wil na Dotan toe gaan.” Josef is toe agter sy broers aan en hy het hulle by Dotan gekry.

¹⁸Hulle het hom al van ver af gesien en voor hy by hulle gekom het, het hulle ooreengekom om hom dood te maak.

¹⁹Hulle het naamlik vir mekaar gesê: “Kyk, daar kom die ou dromer aan.

²⁰Kom ons maak hom dood en gooi hom in 'n put. Ons kan sê 'n roofdier het hom opgevreet. Dan sal ons sien wat word van sy drome.”

²¹Ruben het hulle hoor praat en omdat hy vir Josef wou red, het Ruben gesê: “Nee, ons moet hom nie doodmaak nie.

²²Moenie moord pleeg nie. Gooi hom liewer in hierdie put hier in die veld. Moenie sy lewe neem nie.” Ruben het dit gesê sodat hy vir Josef kon red en hom na sy pa toe kon terugstuur.

²³Josef het skaars by sy broers aangekom of hulle trek sy klere uit, die lang klere met moue wat hy aangehad het,

²⁴en vat hom en gooi hom in die put. Dit was 'n droë put, sonder water.

²⁵Daarna het hulle gaan sit en eet, en toe hulle weer sien, kom daar 'n klomp Ismaelitiese handelaars uit Gilead aan. Hulle was op pad na Egipte toe en op hulle kamele was daar gom, balsem en hars gelaai.

²⁶Toe sê Juda vir sy broers: “Watter nut het dit vir ons om ons broer dood te maak en dit dig te hou?

²⁷Kom ons verkoop hom aan die Ismaeliete. Ons moenie sy lewe neem nie, hy is ons broer, hy is bloedfamilie.” Juda se broers het na hom geluister,

²⁸en toe daar van die Midianitiese handelaars verbykom, het die broers vir Josef uit die put uit opgetrek en vir twintig stukke silwer aan die Ismaeliete verkoop en dié het hom Egipte toe gevat.

²⁹Toe Ruben terugkom by die put, was Josef nie daar nie. Ruben het sy klere geskeur

³⁰en teruggegaan na sy broers toe en vir hulle gesê: “Die kind is weg! Wat moet ek nou doen? ”

³¹Maar sy broers het 'n boklam geslag en die klere van Josef gevat en in die bloed gedoop.

³²Toe stuur hulle Josef se klere met 'n boodskap vir hulle pa: “Ons het dít opgetel. Kyk of dit dalk u seun se klere is.”

³³Israel het dit herken en gesê: “Dit is my seun se klere. 'n Roofdier het hom opgevreet. Josef is opgevreet! ”

³⁴Jakob het sy klere geskeur en rouklere aangetrek. Hy het lank oor sy seun getreur.

³⁵Al sy kinders het vir Jakob probeer troos, maar hy wou hom nie laat troos nie. Hy het gesê: “Ek sal bly treur oor my seun tot ek by hom in die dood is.” So het Josef se pa bly treur oor hom.

³⁶Die Midianiete het vir Josef in Egipte verkoop aan Potifar. Hy was aan die farao se paleis verbonde as hoof van die lyfwag.

Genesis 38

Juda en Tamar

¹Destyds het Juda weggetrek van sy broers af, in die rigting van Adullam waar hy by 'n man met die naam Gira uitgekom het.

²Daar het Juda vir Bat-Sua, 'n Kanaänitiese meisie, raakgeloop en met haar getrou. Hy het met haar gemeenskap gehad,

³en sy het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Juda het hom Er genoem.

⁴Sy het weer swanger geword en nog 'n seun in die wêreld gebring en hom Onan genoem.

⁵Toe Juda in Kesib was, het sy weer 'n seun in die wêreld gebring en hom Sela genoem.

⁶Juda het sy oudste seun Er laat trou met Tamar.

⁷Maar Er, Juda se oudste, was in die oë van die Here 'n slegte man, en die Here het hom laat sterf.

⁸Toe sê Juda vir Onan: “Gaan na jou broer se weduwee toe, jou skoonsuster, en trou met haar, en sorg dat daar kinders gebore word vir jou broer.”

⁹Onan het geweet dat die kinders wat gebore sou word, nie as syne beskou sou word nie, en daarom het hy elke keer as hy met die weduwee van sy broer gemeenskap gehad het, gesorg dat sy saad op die grond kom. Hy wou nie dat daar kinders vir sy broer gebore word nie.

¹⁰Maar wat Onan gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here, en Hy het ook vir hom laat sterf.

¹¹Toe sê Juda vir sy skoondogter Tamar: “Gaan terug na jou pa se huis toe en bly daar 'n weduwee totdat my seun Sela groot is.” Maar Juda het eintlik gedink: netnou sterf hý ook soos sy broers. Tamar is toe weg en sy het in haar pa se huis gebly.

¹²'n Lang ruk hierná het Juda se vrou Bat-Sua gesterf. Nadat hy oor haar gerou het, is hy na Timna toe om sy kleinvee te laat skeer. Sy vriend Gira van Adullam is saam.

¹³Daar is aan Tamar vertel dat haar skoonpa na Timna toe gaan om sy kleinvee te laat skeer.

¹⁴Ondertussen het sy gemerk dat Sela al groot is, maar dat sy nog nie vir hom as vrou gegee is nie. Sy het toe haar rouklere tuis gelaat, haar gesig met 'n sluier toegemaak, haar vermom en by die poort van Enajim langs die Timnapad gaan sit.

¹⁵Juda het haar gesien en gedink sy is 'n prostituut. Haar gesig was mos toegemaak.

¹⁶Hy het na haar toe uitgedraai en vir haar gesê: “Kom! Ek wil met jou gemeenskap hê! ” Hy het nie besef dat dit sy skoondogter is nie. Toe vra sy vir hom: “Wat sal jy my daarvoor betaal? ”

¹⁷Hy het geantwoord: “Ek sal vir jou 'n boklam uit my kudde stuur,” maar sy sê: “Dan moet jy my solank 'n pand gee.”

¹⁸Toe vra hy: “Wat se pand kan ek jou gee? ” Sy het geantwoord: “Jou seëlring met die ketting en jou kiere.” Hy het dit vir haar gegee en met haar gemeenskap gehad en sy het swanger geword.

¹⁹Sy is toe terug huis toe waar sy haar sluier afgehaal en weer haar rouklere aangetrek het.

²⁰Juda het sy vriend, Gira van Adullam, gestuur met die boklam om die pand by haar te gaan haal, maar hy kon haar nie opspoor nie.

²¹Hy het navraag gedoen by die mense van die plek waar sy gesit het. Hy het gevra: “Waar is daardie tempelprostituut wat by Enajim langs die pad was? ” Hulle het hom geantwoord: “Hier by ons is nie 'n tempelprostituut nie.”

²²Hy is toe terug en het vir Juda gesê: “Ek kon haar nie kry nie. En die mense van daardie plek sê self ook daar is nie 'n tempelprostituut by hulle nie.”

²³Toe sê Juda: “Laat sy die goed hou. Netnou maak ek nog 'n gek van my. Ek sou die boklam stuur, maar jy kon die vrou nie kry nie.”

²⁴Drie maande later is aan Juda vertel: “Jou skoondogter Tamar het haar soos 'n prostituut gedra en is swanger.” Toe sê hy: “Bring haar uit dat sy kan verbrand word.”

²⁵Maar toe hulle haar wou gaan haal, stuur sy 'n boodskap na haar skoonpa toe: “Die man aan wie hierdie goed behoort — ek het by hom swanger geword. Stel vas aan wie hierdie seëlring met die ketting en die kiere behoort.”

²⁶Juda het dit herken en gesê: “Sy is onskuldig, ek nie! Ek moes my seun Sela aan haar as man gegee het.” Juda het nooit weer met haar gemeenskap gehad nie.

²⁷Toe die tyd van haar bevalling aanbreek, het dit geblyk dat sy 'n tweeling verwag.

²⁸Toe die geboorte begin, het een van die twee sy hand uitgesteek en die vroedvrou het dit gegryp en 'n stukkie rooi garing daarom gebind. Sy het gesê: “Hierdie een is eerste.”

²⁹Maar toe trek hy sy hand terug en sy broertjie kom. Toe sê sy: “Jy het met krag vorentoe gekom.” Hy is toe Peres genoem.

³⁰Daarna het die broertjie gekom om wie se hand die rooi garing was, en hy is Serag genoem.

Genesis 39

Josef in Potifar se huis

¹Josef is na Egipte toe gebring. Potifar, 'n amptenaar van die farao en hoof van die lyfwag, 'n Egiptenaar van geboorte, het vir Josef by die Ismaeliete gekoop wat hom Egipte toe gevat het.

²Die Here was by Josef en dit het baie goed gegaan met hom. Hy het in die huis van sy eienaar, die Egiptenaar, gebly.

³Toe Potifar, Josef se eienaar, sien dat die Here by Josef is en dat die Here alles wat Josef aanpak, laat slaag,

⁴was Potifar hom goedgesind. Hy het Potifar se persoonlike slaaf geword en Potifar het hom aangestel oor sy hele huishouding, en al sy besittings is onder Josef se sorg geplaas.

⁵Van toe af het die Here die huis van die Egiptenaar geseën. Dit was oor Josef dat die Here dit gedoen het. Die seën van die Here het gerus op al Potifar se besittings, dié in sy huis en dié in die veld.

⁶Hy het alles aan Josef oorgelaat en hom aan niks gesteur nie, behalwe aan sy kos. Josef was fris gebou en mooi.

⁷Na sy bevordering in sy eienaar se huis het dié se vrou na Josef gekyk en vir hom gesê: “Kom slaap by my.”

⁸Maar hy wou nie en hy het vir sy eienaar se vrou gesê: “Meneer steur hom aan niks vandat ek hier is nie. Wat hy besit, het hy onder my sorg geplaas.

⁹Daar is niemand wat in hierdie huis meer gesag het as ek nie. Meneer het niks van my teruggehou nie, behalwe vir u, want u is sy vrou. Hoe kan ek so 'n verkeerde ding doen? Ek sal mos teen God sondig! ”

¹⁰Sy het dag vir dag by Josef aangehou, maar hy het bly weier om by haar te gaan slaap.

¹¹Op 'n dag toe Josef in die huis ingaan om sy werk te doen, was daar niemand van die ander slawe in die huis nie.

¹²Toe gryp Potifar se vrou hom aan sy klere en sê: “Kom lê by my.” Maar Josef het buitentoe gevlug, terwyl sy 'n stuk van sy klere in haar hand bly hou.

¹³Toe sy sien dat hy buitentoe gevlug het terwyl sy 'n stuk van sy klere in haar hand bly hou,

¹⁴roep sy die ander slawe van haar huis en sê vir hulle: “Kyk, Meneer het hierdie Hebreër na ons toe gebring om ons te kom verneder. Hy wou by my kom slaap, maar toe ek hard begin skree

¹⁵en hy hoor hoe hard ek aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos.”

¹⁶Sy het die stuk klere by haar gehou tot Josef se eienaar huis toe gekom het.

¹⁷Sy het alles vir hom vertel en vir hom gesê: “Die Hebreëuse slaaf wat jy hier by ons ingebring het, het by my kom aanlê,

¹⁸maar toe ek hard aanhou roep, het hy buitentoe gevlug en hierdie stuk klere by my gelos.”

¹⁹Toe Josef se eienaar by sy vrou hoor wat sy slaaf alles aan haar gedoen het, was hy kwaad,

²⁰en het hy vir Josef gevat en in die tronk gegooi waarin die mense was wat deur die koning gevange gehou is. Terwyl Josef daar in die tronk was,

²¹was die Here by hom, en Hy het Josef sy troue liefde laat ondervind, sodat die tronkbewaarder hom goedgesind geword het.

²²Hy het vir Josef in beheer geplaas van al die gevangenes in die tronk en van wat hulle moes doen. Josef was vir alles verantwoordelik,

²³en die tronkbewaarder het nie meer na iets omgesien nie; alles was in Josef se hande, want die Here was by hom. Wat Josef ook al aangepak het, die Here het dit laat slaag.

Genesis 40

Josef lê die skinker en die bakker se drome uit

¹'n Ruk nadat Josef in die tronk gesit is, het 'n skinker en 'n bakker van Egipte se koning verkeerd opgetree teenoor hulle koning.

²Die farao het kwaad geword vir sy twee amptenare, die hoof van die skinkers en die hoof van die bakkers.

³Hy het hulle in dieselfde tronk laat sit waarin Josef opgesluit was, in die gebou van die koninklike lyfwag.

⁴Die hoof van die lyfwag het Josef vir hulle beskikbaar gestel: hy moes hulle bedien. Toe hulle al lank in die tronk was,

⁵het die twee een nag gedroom. Die skinker en die bakker van die koning van Egipte het daar waar hulle in die tronk opgesluit was, elkeen sy eie droom gehad met sy eie uitleg.

⁶Josef het die volgende môre by hulle gekom en opgemerk dat hulle bedruk was.

⁷Hy het vir die twee wat saam met hom in die tronk was, die amptenare van die farao, gevra: “Waarom lyk julle vandag so bedruk?”

⁸Hulle het hom geantwoord: “Ons het elkeen 'n droom gehad en ons weet nie wat dit beteken nie.” Toe sê Josef vir hulle: “God ken julle drome se uitleg. Vertel die drome vir my.”

- ⁹Die hoof van die skinkers het sy droom vir Josef vertel. Die skinker het gesê: “In my droom het ek 'n wingerdstok voor my gesien,
- ¹⁰en aan die wingerdstok was daar drie lote. Dit het kwalik gebot of daar was al blomme, en toe is die trosse druiwe ryp.
- ¹¹Ek het die farao se beker in my hand gehad en ek het die druiwe gepluk en daarin uitgedruk. Toe gee ek die beker vir die farao.”
- ¹²Josef het vir die skinker gesê: “Dit is die uitleg: die drie lote is drie dae.
- ¹³Oor drie dae sal die farao aan jou aandag gee en jou in jou amp herstel. Jy sal weer vir die farao sy beker aangee soos vroeër toe jy sy skinker was.
- ¹⁴Maar wanneer dit goed gaan met jou, moet jy aan my dink en moet jy my 'n guns bewys. Jy moet my saak vir hom stel en sorg dat ek uit hierdie plek uitkom.
- ¹⁵Ek is uit die land van die Hebreërs gesteel en ook hier het ek niks gedoen waaroor hulle my in hierdie gat kon gooi nie.”
- ¹⁶Toe die hoof van die bakkers die gunstige uitleg hoor wat Josef gegee het, sê hy vir hom: “En nou ek! In my droom was daar drie mandjies met brood op my kop.
- ¹⁷In die boonste mandjie was daar 'n geurige baksel vir die farao. Maar die voëls het dit so uit die mandjie uit op my kop kom opvreet.”
- ¹⁸Josef het vir die bakker gesê: “Dit is die uitleg: die drie mandjies is drie dae.
- ¹⁹Oor drie dae sal die farao aan jou aandag gee, maar vir jóú sal hy aan 'n paal laat ophang en die voëls sal jou vleis van jou afvreet.”
- ²⁰Drie dae later was dit die farao se verjaarsdag en hy het al sy amptenare op 'n groot ete onthaal. Daar voor sy amptenare het hy aandag gegee aan die saak van die skinker en die bakker.
- ²¹Hy het die hoof van die skinkers in sy amp as skinker herstel, en die skinker het weer vir die farao sy beker aangegee,

²²maar hy het die hoof van die bakkers laat ophang. Dit alles het gebeur soos Josef vir die twee hulle drome uitgelê het.

²³Maar die hoof van die skinkers het nie aan Josef gedink nie, hy het van Josef vergeet.

Genesis 41

Josef lê die farao se drome uit

¹Twee jaar later het die farao 'n droom gehad. Hy het gedroom hy staan langs die Nyl.

²Uit die rivier kom daar toe sewe mooi vet koeie uit en hulle gaan wei in die vleigras.

³Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer en het langs die ander koeie op die rivierwal gaan staan.

⁴Toe vreet die lelike maer koeie die sewe mooi vettes op. Daarna het die farao wakker geskrik.

⁵Hy het weer aan die slaap geraak en weer gedroom. Hy het gesien hoe sewe mooi vol are opskiet aan een stingel.

⁶Ná hulle kom daar toe sewe skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind.

⁷Die skraal are sluk toe die sewe vol vet are in. Daarna het die farao wakker geskrik, en hy het besef hy het gedroom.

⁸Die môre was die farao onrustig oor die drome. Hy het al die waarsêers van Egipte en ook die raadgewers almal laat roep en vir hulle sy droom vertel. Maar niemand kon dit vir hom uitleê nie.

⁹Toe sê die hoof van die skinkers vir die farao: “Vandag moet ek u herinner aan die verkeerde ding wat ek vroeër gedoen het.

¹⁰U het toe kwaad geword vir u dienaars, vir my en vir die hoof van die bakkers, en u het ons laat opsluit in die tronk in die huis van die hoof van u lyfwag.

¹¹“Daar het ons in een en dieselfde nag 'n droom gehad, elkeen sy eie droom met sy eie uitleg.

¹²Saam met ons was 'n Hebreëuse jongman, 'n slaaf van die hoof van die lyfwag. Ons het toe ons drome vir hom vertel, en hy het dit vir ons uitgelê. Hy het dit uitgelê volgens elkeen se droom.

¹³Soos hy dit vir ons uitgelê het, het dit daarna gebeur: vir my het hy in my amp laat herstel en die bakker het hy laat ophang.”

¹⁴Toe het die farao vir Josef laat roep en hulle het hom gou uit die tronk gehaal. Nadat hulle hom geskeer en ander klere aangetrek het, is hy na die farao toe.

¹⁵Die farao het vir Josef gesê: “Ek het 'n droom gehad, maar daar is niemand wat dit kan uitleg nie. Toe het ek van jou gehoor: jy lê 'n droom uit as jy hom hoor.”

¹⁶Josef het vir die farao gesê: “Nie ek nie! God gee dié goeie antwoord vir u.”

¹⁷Toe sê die farao vir Josef: “In my droom het ek op die wal van die Nyl gestaan.

¹⁸Toe kom daar sewe mooi vet koeie uit die rivier uit en hulle gaan wei in die vlei gras.

¹⁹Ná hulle kom daar toe sewe ander koeie uit die rivier uit. Hulle was lelik en maer. Ek het nog nooit sulke lelike diere in Egipte gesien nie.

²⁰Toe vreet die lelike maer koeie die eerste sewe, die vettes, op.

²¹Nadat hulle ingesluk was, kon jy dit nie aan die maeres merk nie: hulle het nog net so sleg gelyk as aan die begin. “Toe het ek wakker geskrik.

²²“Ek het daarna in 'n droom gesien: sewe mooi vol are het opgeskiet aan een stingel.

²³Ná hulle kom daar toe sewe droë, skraal are uit wat verskroei is deur die oostewind.

²⁴Die skraal are sluk toe die sewe mooi are in. “Ek het dit vir die waarsêers vertel, maar niemand kon my iets sê nie.”

²⁵Toe sê Josef vir die farao: “U het maar net een droom gehad. Wat God wil doen, het Hy aan u meegedeel.

²⁶“Die sewe mooi koeie is sewe jaar en die sewe mooi are is sewe jaar. Dit is maar een en dieselfde droom.

²⁷Die sewe maer, lelike koeie wat daarna uit die rivier gekom het, en die sewe skraal are wat deur die oostewind verskroei is, is ook sewe jaar, sewe jaar hongersnood.

²⁸“Dit is wat ek bedoel het toe ek vir u gesê het dat God u laat sien het wat Hy wil doen.

²⁹“Daar sal in die hele Egipte sewe jaar groot oorvloed kom.

³⁰Dan breek daar sewe jaar hongersnood aan. Die mense sal die voorspoed wat daar in die hele Egipte was, vergeet en die hongersnood sal die land op sy knieë bring.

³¹Die hongersnood sal so straf wees dat 'n mens later niks meer van die oorvloed sal merk nie.

³²“Die droom het twee keer na u toe gekom omdat die saak vas staan by God. Hy sal dit binnekort uitvoer.

³³“Ek beveel aan dat u 'n verstandige en wyse man kies en hom in beheer plaas van die hele Egipte.

³⁴Die farao moet dít doen: u moet beamptes vir die hele land aanstel en die land tydens die sewe jaar van oorvloed behoorlik organiseer.

³⁵Hulle moet al die graan van die goeie jare wat aan die kom is, insamel en dit in graanskure bêre en bewaak sodat daar kos tot u beskikking is.

³⁶Die graan moet vir die land in reserwe gehou word, dit moet vir die sewe jaar van hongersnood beskikbaar wees in Egipte. Dan sal die hongersnood nie die land uitroeï nie.”

³⁷Die farao en al sy amptenare het Josef se raad goedgevind.

³⁸Toe sê die farao vir sy amptenare: “Waar kry ons so iemand, 'n man met die verstand van 'n god? ”

³⁹Die farao het daarop vir Josef gesê: “God het jou dit alles bekend gemaak. Daaruit is dit duidelik dat niemand soveel verstand en wysheid as jy het nie.

⁴⁰Ek stel jou aan oor my paleis. “My volk moet jou gehoorsaam. Net ek sal meer mag hê as jy.”

⁴¹Die farao het verder nog vir Josef gesê: “Kyk, ek stel jou aan oor die hele Egipte.”

⁴²Toe haal die farao sy seëlring af en steek dit aan Josef se vinger. Die farao het vir Josef linneklere laat aantrek en 'n goue ketting om sy nek gehang

⁴³en hom laat ry op die tweede beste wa van die farao. Daar is voor Josef uitgeroep: “Betoon hom eer! ” So is Josef oor die hele Egipte aangestel.

⁴⁴Toe het die farao vir Josef gesê: “Ek bly die farao, maar sonder jou toestemming mag niemand in Egipte 'n vinger verroer of 'n voet versit nie.”

⁴⁵⁻⁴⁶Die farao het Josef Safenat-Paneag genoem en vir hom Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, as vrou gegee. Josef was dertig jaar oud toe hy in die diens van die farao die koning van Egipte getree het. Josef is van die farao af weg en het die land deurgegaan, die hele Egipte.

⁴⁷Tydens die sewe jaar van oorvloed het die land 'n buitengewone groot oes gegee,

⁴⁸en Josef het al die graan wat daar in hierdie jare in Egipte was, bymekaargebring en in graanskure gebêre: in elke stad is die graan uit die lande van daardie omgewing gebêre.

⁴⁹Josef het so baie koring bymekaargemaak dat dit net soveel was as die sand van die see. Hy het later opgehou om aan te teken hoeveel daar was, want dit was te veel om te tel.

⁵⁰Reeds voor die jare van hongersnood begin het, is daar vir Josef twee seuns gebore. Sy vrou Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, het hulle vir Josef in die wêreld gebring.

⁵¹Hy het die oudste Manasse genoem, “want,” het hy gesê, “God het my alles laat vergeet: al my swaarkry en alles wat my familie my aangedoen het.”

⁵²Josef het sy ander seun Efraim genoem, “want,” het hy gesê, “God het my vrugbaar gemaak in die land waar ek verneder is.”

⁵³Na die sewe jaar voorspoed in Egipte

⁵⁴het die sewe jaar hongersnood begin. So het Josef dit destyds aangekondig. In al die lande was daar hongersnood, maar in die hele Egipte was daar kos,

⁵⁵want toe die hongersnood Egipte tref en die mense vir die farao kos vra, het hy vir al die Egiptenaars gesê: “Gaan na Josef toe en doen wat hy sê.”

⁵⁶Oor die hele wêreld was daar hongersnood, en toe dit straf word in Egipte, het Josef die graanskure oopgesluit en wat daarin was, aan die Egiptenaars begin verkoop.

⁵⁷En toe die hongersnood straf word in die ander lande, het die mense van die hele wêreld Egipte toe gekom om koring te koop by Josef.

Genesis 42

Josef se broers gaan koop koring in Egipte

¹Toe Jakob verneem dat daar graan in Egipte is, sê hy vir sy seuns: “Waarom sit julle vir mekaar en kyk? ”

²Hy het verder vir hulle gesê: “Ek het gehoor daar is graan in Egipte. Gaan soontoe en koop daar vir ons koring dat ons aan die lewe kan bly, anders sterf ons.”

³Tien broers van Josef is toe weg na Egipte toe om koring te gaan koop.

⁴Jakob het nie Josef se broer Benjamin saamgestuur nie, “want,” het hy gesê, “netnou gebeur daar iets met hom! ”

- ⁵Die seuns van Israel het saam met ander mense gegaan wat ook koring in Egipte wou gaan koop omdat daar hongersnood was in die hele Kanaän.
- ⁶Josef was in beheer van Egipte en hy het self die graan aan die mense verkoop. Sy broers het dus na hom toe gegaan en diep voor hom gebuig.
- ⁷Toe hy sy broers sien, het hy hulle herken. Maar hy het hulle nie laat agterkom wie hy is nie. Hy het hulle bars aangespreek en gevra: “Waarvandaan is julle?” Hulle het hom geantwoord: “Ons is van Kanaän. Ons kom koop graan.”
- ⁸Josef het sy broers herken, maar hulle het hom nie herken nie.
- ⁹Hy het aan sy drome van vroeër gedink en vir hulle gesê: “Julle is spioene. Julle het net kom kyk waar die land maklik ingeval kan word.”
- ¹⁰Maar hulle het vir hom gesê: “Nee, Meneer, ons is u onderdane. Ons het net kom graan koop.
- ¹¹Ons almal het dieselfde pa. Ons is eerlike mense. Ons is nie spioene nie.”
- ¹²Josef sê toe vir hulle: “Dit is nie. Julle het net kom kyk waar die land maklik ingeval kan word.”
- ¹³Hulle het geantwoord: “Ons was twaalf broers. Ons het dieselfde pa, 'n man in Kanaän. Die jongste is nou nog by hom, en die een leef nie meer nie.”
- ¹⁴Toe sê Josef vir hulle: “Julle is wat ek vir julle gesê het, julle is spioene!
- ¹⁵Hieraan sal ek julle toets: So seker as die farao leef, julle sal nie hier weggaan voordat julle jongste broer hierheen gebring is nie.
- ¹⁶Stuur een van julle om hom te gaan haal. Julle ander sal gevange gehou word. So sal ek vasstel of julle die waarheid praat of nie. So seker as die farao leef: Julle is spioene.”
- ¹⁷Josef het hulle drie dae lank aangehou
- ¹⁸en op die derde dag sê hy toe vir hulle: “Ek dien God! Op hierdie voorwaarde kan julle bly lewe:

¹⁹as julle eerlike mense is, moet een van julle in die tronk agterbly. Julle ander moet dan graan wegbring vir julle honger huismense.

²⁰Dan moet julle julle jongste broer na my toe bring. Dan sal ek julle glo, en julle sal nie sterf nie.” Hulle het ingestem

²¹en vir mekaar gesê: “Dit het ons nou van alles wat ons destyds ons broer aangedoen het. Ons het sy angs gesien toe hy ons om genade gesmeek het, maar ons het nie geluister nie. Nou sit ons met dieselfde angs.”

²²Toe sê Ruben vir hulle: “Ek het julle mos gesê julle moet julle nie aan die kind vergryp nie. Maar julle wou nie luister nie, en daarom word sy dood nou op ons gewreek.”

²³Omdat Josef deur 'n tolk met hulle gepraat het, het hulle nie besef dat hy verstaan wat hulle sê nie.

²⁴Josef het van hulle af weggegaan en gaan huil. Daarna het hy teruggekom na hulle toe en weer met hulle gepraat. Toe het hy vir Simeon gevat en hom voor hulle oë in die tronk gesit.

²⁵Josef het opdrag gegee dat die broers se sakke vol koring gemaak moet word en dat elkeen se geld in die sakke teruggesit moet word. Daar moes ook padkos vir hulle gegee word. Alles is so gedoen vir hulle.

²⁶Toe laai hulle die graan op hulle donkies en vertrek van daar af.

²⁷Die aand toe een van die broers sy sak oopmaak om sy donkie te voer, sien hy die geld bo in die sak.

²⁸Toe sê hy vir sy broers: “Kom kyk hier! My geld is teruggesit in die sak.” Hulle was radeloos, en doodgeskrik sê hulle vir mekaar: “Wat het God ons nou aangedoen? ”

²⁹Toe hulle by hulle pa Jakob in Kanaän aankom, het hulle alles wat met hulle gebeur het, vir hom vertel:

³⁰“Die man in bevel van daardie land het ons bars aangespreek en ons vir spioene gehou,

³¹maar ons het vir hom gesê dat ons eerlike mense is en nie spioene nie.

³²Ons was twaalf broers en ons het dieselfde pa. Die een broer leef nie meer nie, en die jongste is by Pa in Kanaän.

³³Maar die man in bevel van daardie land het vir ons gesê: Hieraan sal ek weet of julle eerlike mense is: een van julle moet hier by my bly. Julle ander moet die kos vir julle honger mense gaan wegbring.

³⁴Bring dan julle jongste broer na my toe. Dan sal ek weet julle is nie spioene nie maar eerlike mense. Dan sal ek julle broer teruggee en mag julle vry rondbeweeg in die land.”

³⁵Toe die seuns hulle graansakke leegmaak, kry elkeen sy beursie met geld in sy sak. Toe hulle dit sien, was hulle en hulle pa baie bang,

³⁶en het hy vir hulle gesê: “Julle maak my kinderloos. Josef leef nie meer nie, Simeon is nie meer hier nie, en nou wil julle nog vir Benjamin ook wegvat! En ek ly daaronder.”

³⁷Maar Ruben het vir sy pa gesê: “Pa kan albei my seuns om die lewe bring as ek nie vir Benjamin na Pa toe terugbring nie. Maak my verantwoordelik vir hom, en ek sal hom vir Pa terugbesorg.”

³⁸Jakob het net gesê: “Sy broer is dood. My seun gaan nie saam met julle nie. Hy is al wat vir my oor is. As iets hom op die pad moet oorkom, sal ek deur julle toedoen in my ouderdom van verdriet sterf.”

Genesis 43

Benjamin gaan saam Egipte toe

¹Maar dit was 'n kwaai hongersnood,

²en toe die kos begin opraak wat die broers uit Egipte gebring het, sê hulle pa vir hulle: “Julle moet maar weer vir ons 'n bietjie kos gaan koop.”

³Juda het hom geantwoord: “Daardie man het ons nadruklik gewaarsku en vir ons gesê: ‘Julle kom nie weer hier by my sonder julle broer nie!’

⁴As Pa instem en ons broer saam met ons stuur, sal ons vir Pa gaan kos koop.

⁵Maar as Pa nie instem om hom saam te stuur nie, sal ons nie gaan nie, want daardie man het vir ons gesê ons kom nie weer by hom sonder ons broer nie.”

⁶Toe sê Israel: “Waarom het julle my hierdie onreg aangedoen en vir die man vertel julle het nog 'n broer! ”

⁷Hulle het gesê: “Die man het ons uitgevra na ons familie. Hy het gevra: ‘Leef julle pa nog? Het julle nog 'n broer? ’ Ons het net geantwoord op hierdie vrae van hom. Hoe moes ons weet hy sou sê: ‘Bring julle broer hiernatoe’? ”

⁸Juda het vir sy pa Israel gesê: “Stuur tog maar die kind saam met my sodat ons dadelik kan vertrek. Dan kan ons aan die lewe bly. So nie sterf Pa saam met ons en ons kinders.

⁹Ek waarborg hy sal terugkom. Pa kan hom van my eis. As ek hom nie vir Pa terugbring en hom hier voor Pa kom laat staan nie, sal ek vir altyd by Pa in die skuld wees.

¹⁰En as ons nie so getalm het nie, kon ons nou al twee keer terug gewees het.”

¹¹Toe sê hulle pa Israel vir hulle: “Nou ja, as dit dan so is, moet julle dit maar doen. Vat van die beste wat ons land het saam in julle graansakke as 'n geskenk vir die man: 'n bietjie balsem, 'n bietjie heuning, gom, hars, neute en amandels.

¹²Julle moet die geld verdubbel wat julle saamvat. En die geld wat julle bo in die graansakke terugbring het, moet julle ook saamvat. Dalk was daar 'n misverstand.

¹³Vat julle broer en maak klaar en gaan terug na die man toe.

¹⁴God die Almagtige sal sorg dat die man julle goedgesind is en julle ander broer terugstuur en ook vir Benjamin. En ek, as ek dan my kinders moet verloor, moet ek hulle maar verloor.”

¹⁵Die manne het toe die geskenk gevat en hulle het die geld wat hulle saamgevat het, verdubbel. Hulle het vir Benjamin gevat en klaargemaak en Egipte toe gegaan. Hulle het by Josef gekom,

¹⁶en toe hy sien Benjamin is by hulle, sê hy vir sy hoofamptenaar: “Vat die manne na my huis toe. Laat slag en laat 'n ete voorberei, want hulle moet vanmiddag by my eet.”

¹⁷Hy het toe gedoen wat Josef gesê het. Hy het die manne na Josef se huis toe gevat,

¹⁸en hulle het bang geword omdat hulle na Josef se huis toe gebring is. Toe sê hulle: “Dit is oor die geld wat die vorige keer in ons graansakke teruggesit is. Ons word hierheen gebring om ons te oorval en te oorrompel en van ons slawe te maak en ons donkies te vat.”

¹⁹By die deur van die huis het hulle die hoofamptenaar genader

²⁰en vir hom gesê: “Ekskuus, Meneer, ons was al 'n vorige keer hier om kos te koop.

²¹En toe ons hier weg is en die aand ons graansakke oopmaak, lê elkeen se geld bo in sy sak. Dit was presies die regte bedrag. Maar ons het dit nou weer saamgebring,

²²en ook nog geld om weer kos te koop. Ons weet nie wie die geld in ons sakke teruggesit het nie.”

²³Toe sê die amptenaar vir hulle: “Wees gerus! Moenie bekommerd wees nie. Julle geld het by my uitgekom, en dit is julle God, die God van julle voorvaders, wat 'n skat in julle sakke gesit het.” Die amptenaar het toe vir Simeon na hulle toe gebring.

²⁴Nadat die amptenaar hulle in Josef se huis ingebring het, het hy vir hulle water gegee, en hulle het hulle voete gewas. Hy het ook hulle donkies voer gegee.

²⁵Die broers het hulle geskenk gereed gehou vir wanneer Josef die middag kom, want hulle het gehoor dat hulle daar gaan eet.

²⁶Toe Josef inkom, bring hulle vir hom die geskenk wat hulle saamgebring het, na die huis toe. Toe buig hulle diep voor hom.

²⁷Josef het hulle toe gevra hoe dit gaan. Hy het gevra: “Hoe gaan dit met julle pa wat so oud is en van wie julle my vertel het? Leef hy nog? ”

²⁸Hulle het geantwoord: “Dit gaan goed met u onderdaan, ons pa. Hy leef nog.” Hulle het weer voor Josef gebuig en hom so geëer.

²⁹Toe Josef sy broer, sy ma se seun Benjamin, raaksien, vra hy: “Is dit julle jongste broer van wie julle my vertel het? ” En Josef sê vir hom: “My seun, God sal jou genadig wees.”

³⁰Toe het Josef haastig padgegee om eenkant te gaan huil, want sy gemoed was vol oor sy broer. Josef is na sy kamer toe en hy het daar gaan huil.

³¹Daarna het hy sy gesig gewas en teruggegaan. Hy was weer homself en hy het gesê: “Bedien die ete.”

³²Hulle het vir Josef afsonderlik bedien en so ook die broers en die Egiptenaars wat daar by hulle geëet het, want die Egiptenaars het 'n afsku daarvan om dieselfde kos as die Hebreërs te eet.

³³Die broers het teenoor Josef gesit, volgens hulle ouderdom: van die oudste af tot die jongste. Hieroor het die manne mekaar verbaas aangekyk.

³⁴Elkeen se kos is van Josef se tafel af aangegee, maar Benjamin s'n was vyf keer meer as dié van die ander. Hulle het wyn gedrink en saam met Josef dronk geword.

Genesis 44

Josef se silwerbeker in Benjamin se graansak

¹Toe beveel Josef sy hoofamptenaar: “Maak die graansakke van die manne vol met net soveel kos as hulle kan vervoer, en sit elkeen se geld bo in sy sak.

²En my beker, my silwerbeker, moet julle bo in die sak van die jongste sit saam met die geld vir sy graan.” Die hoofamptenaar het gedoen wat Josef gesê het.

³Ligdag die volgende môre is die manne toe met hulle donkies daar weg.

⁴Hulle was nog nie ver uit die stad uit nie, toe sê Josef vir sy hoofamptenaar: “Kom, sit die manne agterna. En as jy hulle ingehaal het, moet jy vir hulle vra: Waarom beantwoord julle die goeie met die slegte?

⁵Dit is die beker waaruit Meneer drink en waarmee hy voorspellings doen. Dis 'n lelike ding wat julle gedoen het.”

⁶Toe die hoofamptenaar hulle ingehaal het, het hy dit alles vir hulle gesê,

⁷maar hulle het vir hom gesê: “Waarom sê u so? Nie een van ons sal so iets aanvang nie.

⁸Die geld wat ons die vorige keer in ons graansakke ontdek het, het ons uit Kanaän uit vir u teruggebring. Waarom sou ons dan goud of silwer uit die huis van u hoof steel?

⁹Die een by wie iets van u hoof gekry word, kan doodgemaak word, en ons sal dan u slawe word.”

¹⁰Die hoofamptenaar het geantwoord: “Goed en reg! Dit sal wees soos julle sê, maar net die een by wie die beker gekry word, sal my slaaf word. Julle ander sal onskuldig wees.”

¹¹Toe het elkeen gou sy sak op die grond neergesit en dit oopgemaak.

¹²Die hoofamptenaar het dit deurgesoek: hy het by die oudste s'n begin en by die jongste s'n laaste uitgekom en die beker in Benjamin se sak gekry.

¹³Toe skeur hulle hulle klere. Elkeen het weer sy donkie gelaai en hulle het omgedraai stad toe.

¹⁴Juda en sy broers het by Josef se huis aangekom. Hy was nog daar, en toe val hulle op die grond voor hom neer.

¹⁵Josef het vir hulle gesê: “Waarom het julle dit aangevang? Julle weet tog dat 'n man soos ek voorspellings moet doen! ”

¹⁶Juda het geantwoord: “Wat kan ons vir Meneer sê? Wat kan ons antwoord en hoe kan ons onself verontskuldig? God het ons sonde aan die lig gebring. Hier

is ons, ons is Meneer se slawe: ons almal, saam met hom by wie die beker gekry is.”

¹⁷Toe sê Josef: “Dit laat ek nie toe nie. Dié een by wie die beker gekry is, sal my slaaf word, en julle kan ongehinderd na julle pa toe gaan.”

¹⁸Maar Juda het nader gekom na Josef toe en gesê: “Asseblief tog, Meneer! Laat ek tog net nog een keer iets sê. Moet tog nie vir my kwaad word nie! U is soos die farao self.

¹⁹Meneer het ons gevra of ons pa nog leef en of ons nog 'n broer het,

²⁰en ons het vir Meneer gesê: ‘Ja, ons pa is oud. En op sy oudag het hy nog 'n jong seun wie se broer dood is. Die seun is die enigste wat van sy ma oorgebly het, en sy pa het hom lief.’

²¹Maar u het gesê ons moet hom na u toe bring sodat u hom kan sien.

²²Toe het ons vir Meneer gesê: ‘Die kind kan nie van sy pa af weggaan nie, en as hy sou weggaan, sou dit sy pa se dood beteken.’

²³Maar u het vir ons gesê u wil ons nie weer sien as ons jongste broer nie hierheen kom nie.

²⁴En toe ons weer terug was by u onderdaan, ons pa, het ons hom vertel wat Meneer gesê het.

²⁵Toe ons pa ons later weer vra om vir ons 'n bietjie kos te gaan koop,

²⁶het ons vir hom gesê: ‘Ons kan nie gaan as ons jongste broer nie by ons is nie. Net as hy saamgaan, kan ons gaan, want as ons jongste broer nie by ons is nie, sal die man ons nie weer daar ontvang nie.’

²⁷Toe het u onderdaan, ons pa, vir ons gesê: ‘Julle weet my lieflingvrou het net twee seuns vir my in die wêreld gebring.

²⁸Die een is van my af weg en ek moes aanvaar dat 'n roofdier hom opgevreet het, en ek het hom tot nou toe nog nie weer gesien nie.

²⁹As julle nou ook nog hierdie jongste van my af wegvat en hy kom iets oor, sal julle my in my ouderdom laat sterf van verdriet.’

³⁰Wanneer ons dus by ons pa terugkom en die seun aan wie hy so geheg is, is nie by ons nie,

³¹ja, as hy moet sien die seun is nie daar nie, sal hy sterf. So sal ons ons pa wat 'n ou man is, van kommer laat sterf.”

³²Juda het verder gesê: “Ek het vir my pa gewaarborg dat die seun sal terugkom. Ek het belowe ek sal vir altyd by my pa in die skuld wees as ek die seun nie terugbring nie.

³³Hou my daarom dan nou hier as Meneer se slaaf in die plek van die seun, maar laat hy saam met sy broers teruggaan.

³⁴Hoe kan ek sonder die seun by my pa aankom? Ek sal dit nie kan verdra om te sien dat so 'n smart hom tref nie.”

Genesis 45

Josef sê vir sy broers wie hy is

¹Josef kon homself nie langer bedwing voor die mense wat hom bedien het nie. Hy het hulle almal beveel om van hom af weg te gaan, en daar was van dié wat hom gedien het, nie een by hom toe hy hom aan sy broers bekend gemaak het nie.

²Hy het so hard gehuil dat die Egiptenaars en die mense in die farao se paleis dit gehoor het.

³Toe sê Josef vir sy broers: “Ek is Josef. Leef Pa werklik nog? ” Sy broers kon hom nie antwoord nie, hulle was te bang vir hom.

⁴Maar hy het vir hulle gesê: “Kom na my toe! ” en toe hulle nader kom, sê hy: “Ek is julle broer Josef. Julle het my verkoop, en ek is Egipte toe gebring.

⁵Maar julle moet nou nie sleg voel of bang wees omdat julle my verkoop het nie, want God het my voor julle uit gestuur om lewens te red.

⁶Dit is nou maar die tweede jaar van hongersnood in die land. Daar lê nog vyf jaar voor waarin daar nie geploeg of geoes sal word nie.

⁷God het my voor julle uit gestuur om vir julle 'n oorblyfsel in hierdie land te laat oorbly, om julle aan die lewe te hou en sodat baie aan die dood sal ontkom.

⁸Dis nie julle wat my hierheen gestuur het nie, maar God. Hy het my laat aanstel as die farao se raadgewer en as bevelhebber oor sy huis en as regeerder oor die hele Egipte.

⁹Gaan dadelik na Pa toe en sê vir hom: 'So sê Pa se seun Josef: God het my aangestel as regeerder oor die hele Egipte. Kom na my toe. Moenie talm nie,

¹⁰kom bly in die Gosenstreek. Dan is Pa naby my: Pa en Pa se seuns en kleinseuns, die kleinvee en grootvee en alles wat Pa besit.

¹¹Ek sal vir Pa daar onderhou, want daar lê nog vyf jaar hongersnood voor. So sal Pa nie verarm nie: Pa en Pa se familie en almal by Pa.'

¹²Julle sien self, en my broer Benjamin sien dit ook: dis ek wat met julle praat.

¹³Julle moet vir Pa vertel van al my mag hier in Egipte en van alles wat julle gesien het. Maak gou en bring vir Pa hierheen."

¹⁴Toe omhels Josef sy broer Benjamin en hy huil; ook Benjamin het op sy broer se skouer gestaan en huil.

¹⁵Josef het al sy broers gesoen en daar by hulle gestaan en huil. Eers daarna het sy broers met hom begin praat.

¹⁶Die mense het dit in die farao se paleis gehoor en gesê: "Josef se broers het gekom." Die farao en sy amptenare het dit goedgevind,

¹⁷en hy het vir Josef gesê: "Sê vir jou broers: So moet julle nou optree: saal julle rydiere op en gaan na Kanaän toe.

¹⁸Kry julle vader en julle gesinne en kom hier na my toe. Ek sal julle die beste deel van Egipte gee en julle sal die room van die land geniet.

¹⁹Jy moet hulle beveel: So moet julle optree: vat vir julle uit Egipte waens saam vir julle kinders en vrouens en laat julle vader op 'n wa ry en kom hierheen.

²⁰Moenie sleg voel oor wat julle nie kan saambring nie, want julle sal hier die beste kry van wat Egipte het."

²¹Die seuns van Israel het toe so gemaak. Josef het waens vir hulle saamgegee soos die farao beveel het. Josef het ook vir hulle padkos saamgegee.

²²Hy het vir elkeen nuwe klere gegee, maar vir Benjamin het hy vyf stelle nuwe klere en nog drie en 'n half kilogram silwer gegee.

²³Vir sy pa het hy tien donkies gestuur waarop die beste ware van Egipte gelaai was en tien donkiemerries waarop die beste koring en graan en kos gelaai was. Dit moes dien as padkos vir sy pa.

²⁴So het Josef sy broers teruggestuur, en by hulle vertrek het hy vir hulle gesê: “Moenie langs die pad bang word en begin twyfel nie.”

²⁵Hulle is toe uit Egipte weg en het in Kanaän by hulle pa Jakob aangekom.

²⁶Hulle het vir hom gesê: “Josef leef nog. Hy regeer oor die hele Egipte.” Jakob was stomgeslaan. Hy het hulle nie geglo nie.

²⁷Toe vertel hulle vir hulle pa alles wat Josef vir hulle gesê het, en eers toe hy die waens sien wat Josef gestuur het om hom te kom haal, het hy begin belang stel.

²⁸En hulle pa Israel het gesê: “Ek verlang niks meer nie. My seun Josef leef, en ek wil hom net sien voor ek sterf.”

Genesis 46

Jakob trek Egipte toe

¹Israel en almal by hom het vertrek. Hy het by Berseba gekom en daar 'n offer gebring aan die God van sy pa Isak.

²God het dié nag met Israel gepraat in 'n visioen en geroep: “Jakob, Jakob! ” Hy het geantwoord: “Hier is ek! ”

³Toe sê God: “Ek is God, die God van jou vader. Moenie bang wees om na Egipte toe te gaan nie, want Ek sal jou daar 'n groot nasie maak.

⁴Ek gaan saam met jou Egipte toe, en Ek sal jou beslis weer hierheen laat terugkom. Wanneer jy sterf, sal Josef jou oë toedruk.”

⁵Toe Jakob uit Berseba wou vertrek, het die seuns van Israel hulle pa Jakob en hulle kinders en vrouens op die waens laat klim wat deur die farao gestuur is om op te ry.

⁶Hulle het hulle vee saamgevat en ook die ander besittings wat hulle in Kanaän bymekaargemaak het. So is Jakob en sy hele nageslag weg Egipte toe:

⁷sy seuns en kleinseuns was by hom, ook sy dogters en kleindogters. Hy het sy hele familie saamgevat Egipte toe.

⁸Hier volg die name van die Israeliete wat Egipte toe is: Jakob en sy oudste seun Ruben

⁹en dié se seuns Ganok, Pallu, Gesron en Karmi.

¹⁰Simeon en sy seuns Jemuel, Jamin, Ohad, Jakin, Sogar en Saul, seun van 'n Kanaänitiese vrou.

¹¹Levi en sy seuns Gerson, Kehat en Merari.

¹²Juda en sy seuns Sela, Peres en Serag. Juda se ander seuns, Er en Onan, het al in Kanaän gesterf. Peres se seuns was Gesron en Gamul.

¹³Issaskar en sy seuns Tola, Puwwa, Jasub en Simron.

¹⁴Sebulon en sy seuns Sered, Elon en Jagleël.

¹⁵Dit is die seuns wat Lea vir Jakob in Paddan-Aram in die wêreld gebring het. Sy het ook 'n dogter Dina gehad. Hulle almal saam was drie en dertig.

¹⁶Gad en sy seuns Sifjon, Gaggi, Suni, Esbon, Eri, Arod en Areli.

¹⁷Aser en sy seuns Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria en hulle suster Serag. Die seuns van Beria was Geber en Malkiël.

¹⁸Dit is die seuns wat Silpa vir Jakob in die wêreld gebring het. Laban het haar vir sy dogter Lea gegee. Hulle almal saam was sestien.

¹⁹Josef en Benjamin was die seuns van Jakob se vrou Ragel.

²⁰In Egipte is daar twee seuns vir Josef gebore. Asenat, dogter van Poti-Fera priester van On, het hulle vir hom in die wêreld gebring. Hulle was Manasse en Efraim.

²¹Benjamin se seuns was Bela, Beker, Asbel, Gera, Naäman, Egi, Ros, Muppim, Guppim en Ard.

²²Dit is die seuns wat Ragel vir Jakob in die wêreld gebring het. Hulle almal saam was veertien.

²³Dan en sy seun Sugam.

²⁴Naftali en sy seuns Jagseël, Guni, Jeser en Sillem.

²⁵Dit is die seuns wat Bilha vir Jakob in die wêreld gebring het. Laban het haar vir sy dogter Ragel gegee. Hulle almal saam was sewe.

²⁶Afgesien van die vrouens van Jakob se seuns was daar ses en sestig afstammeling van Jakob wat na Egipte toe is.

²⁷In Egipte was daar reeds twee seuns vir Josef gebore. Jakob se afstammeling was dus altesaam sewentig, en hulle was in Egipte.

Jakob en Josef ontmoet mekaar

²⁸Jakob het vir Juda vooruit gestuur na Josef toe om hom te laat weet dat hy op pad is na Gosen toe. Nadat Jakob-hulle in Gosen aangekom het,

²⁹het Josef sy wa laat inspan om sy pa Israel in Gosen te gaan ontmoet. Toe Josef hom sien, het hy hom omhels en lank so gestaan en huil.

³⁰Toe sê Israel vir Josef: “Nou kan ek maar sterf. Ek het jou gesien. Jy lewe nog!”

³¹Josef het vir sy broers en vir sy hele familie gesê: “Ek wil vir die farao gaan sê my broers en my familie het uit Kanaän hier aangekom.

³²Die manne is kleinveeboere, mense met vee, en hulle het hulle kleinvee en grootvee en alles wat hulle besit, saamgebring.

³³As die farao julle nou laat roep en vir julle vra wat is julle nering,

³⁴moet julle vir hom sê: ‘Van kleins af tot nou toe was ons veeboere, ons en ons voorvaders.’ Dan sal hy julle in Gosen laat woon, want die Egiptenaars het 'n afkeer van kleinveeboere.”

Genesis 47

Jakob ontmoet die farao

¹Josef is toe daar weg en hy het die farao gaan inlig. Josef het vir hom gesê: “My vader en my broers het met hulle kleinvee en grootvee en alles wat hulle besit, hier aangekom uit Kanaän. Hulle is nou in die Gosenstreek.”

²Josef het vyf van sy broers saamgevat en hulle aan die farao voorgestel,

³en hy het hulle gevra: “Wat is julle nering? ” Hulle het hom geantwoord: “Ons is kleinveeboere, ons en ons voorvaders.”

⁴Verder het hulle vir die farao gesê: “Ons wil graag as vreemdelinge hier kom woon, want ons het nie meer weiding vir ons vee nie. Daar is 'n groot droogte in Kanaän. Laat ons toe om in Gosen te kom woon.”

⁵Toe sê die farao vir Josef: “Jou vader en jou broers het nou na jou toe gekom.

⁶Egipte is tot hulle beskikking. Jy moet hulle in die beste deel van die land laat woon; hulle kan in die Gosenstreek aanbly. En as jy weet van knap manne onder hulle, moet jy dié in bevel plaas van my vee.”

⁷Josef het ook sy pa Jakob gebring en hom aan die farao voorgestel. Toe Jakob hom gegroet het,

⁸vra hy vir Jakob: “Hoe oud is u? ”

⁹Jakob het vir hom gesê: “Ek is nou al honderd en dertig jaar 'n vreemdeling hier op aarde. In vergelyking met dié van my voorvaders is dit maar min, en my lewensjare was vol swaarkry.”

¹⁰Toe groet Jakob die farao en vertrek.

¹¹Josef het sy pa en broers in Rameses laat woon. Hy het vir hulle in die beste deel van Egipte eiendom gegee soos die farao hom beveel het.

¹²Hy het sy pa en broers, sy hele familie met kinders en al, van kos voorsien.

Josef se reëlins tydens die hongersnood

13 Daar was nêrens meer kos in die land nie, want die hongersnood was swaar. Al die mense van Egipte en Kanaän het daaronder gely.

14 Josef het ál die geld van die land in die hande gekry toe die mense van Egipte en Kanaän daarmee kom graan koop het. Hy het die geld na die farao se paleis toe gevat.

15 Maar toe die geld in Egipte en in Kanaän opraak, het al die Egiptenaars vir Josef kom sê: “U moet vir ons kos laat kry. Waarom moet ons hier voor u doodgaan net omdat ons nie geld het nie? ”

16 Josef het vir hulle gesê: “As julle geld op is, moet julle maar julle vee bring, dan gee ek vir julle kos in ruil daarvoor.”

17 Toe bring hulle hulle vee vir Josef, en hy gee vir hulle kos in ruil vir perde en kleinvee en beeste en donkies. Daardie jaar het hy hulle van kos voorsien in ruil vir al hulle vee.

18 Aan die einde van daardie jaar, en die volgende jaar, het die mense weer by Josef gekom en vir hom gesê: “Ons kan dit nie vir Meneer wegsteek nie: ons geld is op en u besit reeds al ons vee. Ons het niks meer oor om vir u te bring nie, net onself en ons grond.

19 Waarom moet ons voor u oë doodgaan? Hier is ons, en daar is ons grond. Koop ons en koop ons grond in ruil vir kos. Ons sal die farao se slawe word en ons grond sal syne wees. Gee vir ons saad dat ons aan die lewe kan bly. En as ons nie sterf nie, sal ons grond nie onbewerk bly lê nie.”

20 So het Josef al die grond vir die farao opgekoop. Al die Egiptenaars het hulle lande verkoop, want die hongersnood het hulle swaar gedruk. Die land het aan die farao behoort,

21 en die volk het van die een uithoek van Egipte tot by die ander uithoek na die stede toe gekom, na Josef toe.

²²Hy het net nie die priesters se grond gekoop nie, want hulle het 'n vaste inkomste van die farao gekry en hiervan het hulle geleef. Daarom het hulle nie hulle grond verkoop nie.

²³Toe sê Josef vir die volk: “Ek het julle en julle grond nou vir die farao gekoop. Hier is vir julle saad. As julle dit nou op die lande saai,

²⁴moet julle 'n vyfde van die opbrengs vir die farao afgee en vier vyfdes is julle s'n. Gebruik dit as saad vir die lande en as kos vir julle en vir wie in julle huise is en vir julle kinders.”

²⁵Hulle het vir Josef gesê: “U het ons lewe gered. Meneer is ons goedgesind. Ons sal die farao se slawe wees.”

²⁶Josef het hierdie reëling tot vandag toe 'n vaste instelling in Egipte gemaak: 'n vyfde van die opbrengs kom die farao toe. Net die priesters se grond is uitgesonder. Dit behoort nie aan die farao nie.

Jakob seën Josef se twee seuns

²⁷Israel en sy seuns het in Egipte gebly, in die Gosenstreek. Hulle het dit as hulle eiendom ontvang en hulle was vrugbaar en hulle het baie geword.

²⁸Jakob het sewentien jaar in Egipte gebly. Hy was dus toe honderd sewe en veertig jaar oud.

²⁹Toe sy einde nader kom, het hy sy seun Josef geroep en vir hom gesê: “Bewys my nog 'n laaste guns. Sit jou hand onder my heup en beloof dat jy my met liefde en eerbied sal behandel en my nie in Egipte sal begrawe nie.

³⁰Wanneer ek sterf, moet jy my uit Egipte wegvat en in die graf van my voorvaders gaan begrawe.” Toe antwoord Josef: “Ek sal doen wat Pa vra.”

³¹En Jakob het vir hom gesê: “Bevestig jou belofte met 'n eed.” Toe lê Josef vir hom 'n eed af, en Israel het daar op sy bed gebuig voor God.

Genesis 48

¹'n Rukkie hierna is vir Josef gesê sy pa is siek. Toe vat Josef sy twee seuns Manasse en Efraim saam.

²Daar is aan Jakob gesê: “U seun Josef het na u toe gekom.” Toe het Israel sy kragte ingespan en regop gaan sit op die bed.

³Hy het vir Josef gesê: “God die Almagtige het in Lus in Kanaän aan my verskyn. Hy het my geseën

⁴en vir my gesê: ‘Ek sal jou vrugbaar maak en aan jou baie kinders gee. Ek sal jou nageslag baie volke laat word. Ek sal hierdie land aan jou nageslag gee om vir altyd te besit.’

⁵Jou twee seuns wat hier in Egipte vir jou gebore is voordat ek hier na jou toe gekom het, Efraim en Manasse, is vir my soos my eie, soos Ruben en Simeon is hulle vir my.

⁶As jy hierna nog kinders het, sal hulle eendag in die naam van hulle broers eiendom verkry.

⁷Ek neem die twee seuns as my eie aan, want toe ek uit Paddan-Aram gekom het, is Ragel dood in Kanaän op pad na Efrata toe, dit is Betlehem, en ek het haar daar langs die pad begrawe.”

⁸Toe Jakob die twee seuns van Josef sien, vra hy: “En wie is hulle? ”

⁹Josef het sy pa geantwoord: “Dit is my seuns. God het hulle vir my in hierdie land gegee.” Jakob sê toe: “Bring hulle hier na my toe. Ek wil hulle seën.”

¹⁰In sy hoë ouderdom was Israel se oë al sleg en hy kon nie goed sien nie. Josef het sy seuns tot teen Israel gebring, en hy het hulle gesoen en teen hom vasgedruk.

¹¹Toe sê Israel vir Josef: “Ek het nooit daaraan gedink dat ek jou weer sal sien nie, en hier laat God my nou ook nog jou kinders sien.”

¹²Josef het sy seuns van sy pa se skoot af getel en voor hom gebuig.

¹³Toe vat Josef die twee aan die hand: Efraim met sy regterhand, links van Israel, en Manasse met sy linkerhand, regs van Israel. Maar toe Josef hulle naby hom bring,

¹⁴het Israel sy arms gekruis en sy regterhand op Efraim se kop gesit al was hy die jongste, en sy linkerhand op Manasse s'n al was hy die oudste.

¹⁵Hy het vir Josef geseën en gesê: “Mag die God naby wie my voorvaders Abraham en Isak geleef het, die God wat vir my van my geboorte af tot nou toe gesorg het,

¹⁶die Engel wat my uit elke moontlike gevaar gered het, mag Hy die seuns seën. Dan sal my naam voortleef in hulle, en ook dié van my voorvaders Abraham en Isak. Mag die seuns vermeerder en baie word in daardie land.”

¹⁷Toe Josef sien sy pa sit sy regterhand op Efraim se kop, het Josef gedink dis nie reg nie en toe tel hy Jakob se hand van Efraim se kop af op om die hand op Manasse se kop te sit.

¹⁸Josef het vir sy pa gesê: “Dit hoort nie so nie, Pa! Manasse is die oudste, sit Pa se regterhand op sy kop.”

¹⁹Maar sy pa het geweier en gesê: “Ek weet dit, my seun. Ook hý sal 'n volk word, ook hý sal baie word, maar sy jonger broer sal sterker word as hy, en die jonger broer se nageslag sal 'n magtige nasie word.”

²⁰Daardie dag het Jakob die twee seuns geseën: “Die Israeliete sal mekaar seën met die woorde: Mag God jou maak soos Efraim en Manasse.” So het Jakob vir Efraim bo Manasse gestel.

²¹Toe sê Israel vir Josef: “Ek gaan binnekort sterf, maar God sal by julle wees. Hy sal julle terugbring in die land van julle voorvaders.

²²Aan jou gee ek iets meer as aan jou broers: Sigem, wat ek van die Amoriete afgeneem het met my swaard en met my pyl en boog.”

Genesis 49

Jakob seën sy seuns

¹Jakob het sy seuns laat roep en vir hulle gesê: “Kom hier! Ek wil vir julle sê wat met julle nageslagte sal gebeur:

²Kom na my toe, seuns van Jakob, luister na Israel, julle vader!

³“Ruben, jy is die oudste, toonbeeld van my krag, gebore toe ek in my fleur was; jy is die vernaamste, die sterkste.

⁴Maar jy sal nie langer die vernaamste wees nie, want soos stormwater was jy onstuimig: jy het jou vergryp aan 'n vrou van jou vader, jy het my bed verontreinig toe jy daarin geklim het.

⁵“Simeon en Levi is die een soos die ander: altyd gereed vir geweld.

⁶Aan hulle beraadslagings wil ek geen deel hê nie, in hulle vergaderings wil ek nie kom nie, want koelbloedig het hulle mense vermoor, roekeloos het hulle diere mishandel.

⁷Die straf van God sal hulle tref oor hulle geweldpleging, hulle onbeteuelde drif: hulle sal uitmekaar gejaag word in Jakob, versprei word tussen die stamme van Israel.

⁸“Juda, dit is jy vir wie jou broers sal eer: jy sal jou vyande onderwerp en jou broers sal voor jou buig.

⁹Jy is 'n leeu, my seun Juda, wat van die prooi af wegstap. Jy rek jou uit, jy gaan lê rustig soos 'n leeu, soos 'n leeumannetjie wat deur niemand opgejaag word nie.

¹⁰Jy sal altyd heers, jy sal aanhou regeer totdat Silo kom, die heerser aan wie die volke hulle sal onderwerp.

¹¹Hy maak sy rydier vas aan 'n wingerdstok, sy donkie aan die beste wingerdstok. Sy klere is so rooi soos wyn, sy koningskleed so rooi soos druiwesap.

¹²Sy oë is donkerder as wyn, sy tande witter as melk.

¹³“Sebulon woon by die strand, by die strand waar skepe is, sy oë is op Sidon gerig.

¹⁴“Issaskar is 'n sterk pakkier, hy gaan lê tussen sy twee saalsakke.

¹⁵Hy sien 'n goeie woonplek, 'n mooi landstreek, en daarvoor onderwerp hy hom aan dwangarbeid, doen hy slawewerk.

- ¹⁶“Dan is een van die stamme van Israel, hy handhaaf die reg van sy volk.
- ¹⁷Dan is 'n slang op die pad, 'n horingslang op die grootpad, hy pik die perd aan sy hakskeen, die ruiter val agteroor.
- ¹⁸“Ek wag dat U red, Here!
- ¹⁹“Gad — 'n bende oorval hom, maar hy val hulle van agter af aan.
- ²⁰“Aser eet ryk kos, hy eet koningskos.
- ²¹“Naftali is 'n takbok wat vry rondloop, hy het 'n mooi nageslag.
- ²²“Josef is 'n boom wat vrugte dra, 'n vrugteboom by die fontein, sy takke groei oor die omheining.
- ²³Dié wat met pyl en boog skiet, val hom aan, hulle is baie en hulle is sy vyande.
- ²⁴Maar hulle boog misluk elke keer, hulle sterk arms bewe, want die magtige God van Jakob gryp in, die Rots van Israel beskerm hom.
- ²⁵Die God van jou vader sal jou help, Josef, die Almagtige sal jou seën, Hy seën jou met reën uit die hemel, met water diep onder die grond uit, met moeders wat hulle kinders voed, met baie kinders.
- ²⁶Die seëninge wat jou vader gegee het, is sterk, sterker as dié van die ou-ou berge, as die kosbaarhede van die heuwels wat altyd daar is. Daardie seëninge kom op Josef, op hom wat die leier van sy broers sal wees.
- ²⁷“Benjamin is 'n wolf wat prooi verskeur: vroeg in die môre eet hy buit, in die aand vang hy sy prooi.”
- ²⁸Dit is al twaalf die stamme van Israel. So het hulle pa met hulle gepraat toe hy hulle geseën het. Hy het hulle een vir een geseën, elkeen met 'n eie seën.

Jakob se dood en begrafnis

- ²⁹Jakob het vir sy kinders gesê: “Wanneer ek sterf, moet julle my gaan begrawe in die familiegraf, in die grot op die grond van die Hetiet Efron.
- ³⁰Dit is die Makpelagrot teenoor Mamre in Kanaän. Abraham het die stuk grond by die Hetiet Efron gekoop om 'n begraafplek te hê.

³¹Abraham en sy vrou Sara is daar begrawe, Isak en sy vrou Rebekka is daar begrawe, en daar het ek vir Lea begrawe.

³²Abraham het die grond en die grot daarop by die Hetiete gekoop.”

³³Toe Jakob klaar gepraat het, het hy gaan lê, die asem uitgeblaas en gesterf.

Genesis 50

¹Josef het toe oor sy pa gebuk en hom al huilende gesoen.

²Daarna het Josef die dokters in sy diens beveel om die lyk van sy pa te balsem. Hulle het toe vir Israel gebalsem.

³Dit het veertig dae gevat om 'n lyk te balsem, en Egipte het sewentig dae lank oor Jakob gerou.

⁴Toe hierdie routyd verby was, het Josef vir die amptenare van die farao gesê: “As julle my goedgesind is, praat dan tog met die farao en sê vir hom

⁵my vader het my 'n eed laat aflê dat ek hom, wanneer hy eendag sterf, sal gaan begrawe in die graf wat hy vir hom in Kanaän reggemaak het. Ek wil hom nou gaan begrawe en dan sal ek terugkom.”

⁶Die farao het geantwoord: “Gaan, en begrawe jou vader soos hy jou met 'n eed laat beloof het.”

⁷Josef is toe weg om sy pa te gaan begrawe. Al die amptenare van die farao, die raadgewers van die paleis en die leiers van Egipte is met hom saam,

⁸die hele familie van Josef en sy broers en die familie van sy pa is ook saam. Net die kinders, die kleinvee en die grootvee het in die Gosenstreek agtergebly.

⁹Waens en perde is met Josef saam. Dit was 'n baie groot stoet.

¹⁰Toe hulle by die dorsvloer van Atad oos van die Jordaan kom, het hulle sewe dae lank daar getreur en gerou oor hulle pa. Hulle het baie getreur oor hom.

¹¹Die mense van Kanaän het hulle daar by die dorsvloer van Atad sien rou en gesê: Egipte is swaar in rou. Daarom noem hulle hierdie plek aan die oostekant van die Jordaan Abel-Misrajim.

¹²Jakob se seuns het gedoen wat hulle pa gesê het.

¹³Hulle het hom Kanaän toe gevat en gaan begrawe in die Makpelagrot op die grond wat deur Abraham by die Hetiet Efron as 'n begraafplek gekoop is. Die grond lê oos van Mamre.

¹⁴Na die begrafnis is Josef en sy broers en almal wat met hom saam is om sy pa te gaan begrawe, terug Egipte toe.

¹⁵Na hulle pa se dood het Josef se broers gevra: “En as Josef nog steeds 'n grief teen ons het en ons nou gaan terugbetaal vir al die kwaad wat ons hom aangedoen het? ”

¹⁶Daarom het hulle 'n boodskap na hom toe gestuur: “Voor sy dood het u vader beveel:

¹⁷‘Julle moet vir Josef vra om tog die groot misdaad teen hom, die onreg wat julle hom aangedoen het, te vergewe.’ Vergeef ons tog nou die misdaad. Ons dien ook die God van u vader.” Josef het gehuil oor wat hulle vir hom laat weet het.

¹⁸Daarna het die broers na Josef toe gegaan en voor hom op hulle knieë geval en gesê: “Hier is ons voor u. Ons is u slawe.”

¹⁹Maar Josef het hulle geantwoord: “Moenie bang wees nie. Ek is nie God nie.

²⁰Julle wou my kwaad aandoen, maar God wou daarmee goed doen: Hy het gesorg dat 'n groot volk nou in die lewe gebly het.

²¹Moenie bang wees nie. Ek sal sorg dat julle en julle kinders kos het.” Josef het hulle jammer gekry en hulle gerusgestel.

Die dood van Josef

²²Josef het in Egipte gebly, hy en sy hele familie. Hy het honderd en tien jaar oud geword.

²³Hy het die kleinkinders van Efraim gesien, en hy kon nog die kinders van Manasse se seun Makir as sy eie aanneem.

²⁴Josef het vir sy broers gesê: “Na my dood sal God na julle omsien en Hy sal julle uit hierdie land uit laat trek na die land toe wat Hy met 'n eed beloof het aan Abraham, Isak en Jakob.”

²⁵Josef het die seuns van Israel met 'n eed laat beloof: “Wanneer God na julle omsien en julle laat trek, moet julle my liggaam van hier af saamvat.”

²⁶Josef is dood toe hy honderd en tien jaar oud was. Hulle het hom gebalsem en hom daar in Egipte in 'n kis gesit.

Eksodus

Eksodus 1

Die vermeerdering van Israel in Egipte

¹Hier volg die name van die Israeliete wat saam met Jakob na Egipte toe gekom het, elkeen met sy gesin:

²Ruben, Simeon, Levi en Juda;

³Issaskar, Sebulon en Benjamin;

⁴Dan, Naftali, Gad en Aser.

⁵Jakob het sewentig afstammelinge gehad. Josef was toe al in Egipte.

⁶Met verloop van tyd het hy en al sy broers, daardie hele geslag, gesterwe.

⁷Die Israeliete was vrugbaar en het vermeerder. Hulle het baie geword, so baie dat die land vol was van hulle.

Die farao probeer die getal van die Israeliete beperk

⁸Toe 'n nuwe koning wat nie van Josef geweet het nie, oor Egipte begin heers,

⁹het hy vir sy volk gesê: “Besef julle dat die Israeliete nou meer en sterker is as ons?”

¹⁰Kom ons bedink 'n plan teen hulle sodat hulle nie kan vermeerder nie. Anders kan dit gebeur dat as daar oorlog uitbreek, hulle dalk by ons vyand aansluit om teen ons te veg en ons land te oorweldig.”

¹¹Daar is toe slawedrywers oor hulle aangestel om hulle met dwangarbeid te onderdruk. Hulle moes die voorraadstede Pitom en Rameses vir die farao bou.

¹²Maar hoe meer die Israeliete onderdruk is, hoe meer het hulle geword en hoe meer het hulle oor die land versprei, in so 'n mate dat die Egiptenaars baie bang geword het vir hulle.

¹³Die Egiptenaars het slawe gemaak van die Israeliete

¹⁴en die lewe vir hulle bitter gemaak deur swaar werk met klei en bakstene en deur allerhande werk in die lande. Hulle moes onder dwang al die slawewerk vir Egipte doen.

¹⁵Die Egiptiese koning het vir die Hebreeuse vroedvroue Sifra en Pua gesê:

¹⁶“As julle 'n Hebreeuse vrou by geboorte bystaan en julle sien by die kraambed dat dit 'n seun is, moet julle hom doodmaak, maar as dit 'n dogter is, mag sy bly lewe.”

¹⁷Maar die vroedvroue het God gedien en nie gemaak soos die Egiptiese koning hulle beveel het nie: hulle het die seuntjies laat lewe.

¹⁸Die Egiptiese koning het die vroedvroue ontbied en vir hulle gevra: “Waarom doen julle dit? Waarom laat julle die seuntjies lewe?”

¹⁹Toe antwoord die vroedvroue die farao: “Die Hebreeuse vrouens is nie soos dié van Egipte nie, hulle is sterk van gestel: voordat die vroedvrou by hulle kom, is die kind al gebore.”

²⁰As gevolg hiervan het die volk aanhou vermeerder en baie talryk geword. God het toe die vroedvroue self ook voorspoedig gemaak.

²¹Omdat hulle Hom gedien het, het Hy vir hulle huisgesinne gegee.

²²Daarna het die farao sy hele volk beveel: “Julle moet elke pasgebore seuntjie in die Nyl gooi, maar spaar die dogtertjies se lewe.”

Eksodus 2

Moses se geboorte en opvoeding

¹'n Man uit die stam Levi was met 'n Levitiese meisie getroud.

²Die vrou het swanger geword en 'n seuntjie in die wêreld gebring. Toe sy sien hoe mooi is hy, het sy hom drie maande lank weggesteek.

³Langer kon sy hom nie wegsteek nie. Daarom het sy vir hom 'n biesiemandjie gekry en dit met klei en pik dig gemaak. Sy het die seuntjie daarin neergelê en dit tussen die riete aan die kant van die Nyl gesit.

⁴Sy suster het op 'n afstand gaan staan om te sien wat met hom gebeur.

⁵'n Dogter van die farao het afgegaan Nyl toe om te swem, en die jongmeisies wat haar vergesel, het aan die kant van die rivier geloop. Toe sy die mandjie tussen die riete sien, stuur sy haar diensmeisie om dit te gaan haal.

⁶Met die oopmaak sien sy dit is 'n seuntjie en hy huil. Toe kry sy hom jammer en dink: dit is seker een van die Hebreeuse seuntjies.

⁷Sy suster kom sê toe vir die farao se dogter: “Mag ek vir u 'n vrou gaan roep, 'n Hebreeuse vrou met 'n pasgebore baba, dat sy die seuntjie vir u kan laat drink? ”

⁸Die dogter van die farao het haar geantwoord: “Ja, goed! ” Die meisie het toe die seuntjie se ma gaan roep.

⁹Toe beveel die farao se dogter die ma: “Neem hierdie seuntjie en laat hom vir my drink. Ek sal jou daarvoor betaal.” Die vrou het die seuntjie geneem en vir hom gesorg.

¹⁰Toe hy oud genoeg was, het sy hom na die dogter van die farao toe gebring, wat hom as haar eie seun aangeneem het. Sy het hom Moses genoem, “want,” het sy gesê, “ek het hom mos uit die water gehaal.”

Moses slaan 'n Egiptenaar dood

¹¹Toe Moses al 'n volwasse man was, het hy op 'n keer na sy eie mense toe gegaan en gesien dat hulle dwangarbeid verrig. Hy sien toe hoe een van sy eie mense, 'n Hebreër, deur 'n Egiptenaar geslaan word.

¹²Nadat Moses rondgekyk het en niemand gewaar het nie, het hy die Egiptenaar doodgeslaan en hom onder sand toegekrap.

¹³Die volgende dag gaan hy weer, en tot sy verbasing was daar twee Hebreeuse manne aan die baklei. “Waarom slaan jy aan jou broer? ” vra hy vir die een wat die rusie begin het.

¹⁴“Wie het jou aangestel as baas en regter oor ons? ” vra die ander. “Wil jy my miskien ook doodslaan, soos jy die Egiptenaar doodgeslaan het? ” Toe skrik Moses en hy dink: die ding het bekend geword.

¹⁵Toe dit by die farao uitkom, wou hy vir Moses laat doodmaak, maar Moses het van hom af weggevlug en in Midian gaan woon. Terwyl hy daar by 'n put sit,

¹⁶het die sewe dogters van 'n priester van Midian kom water skep om die drinkbakke vol te maak en hulle pa se kleinvee te laat suip.

¹⁷Toe daar veewagters aankom en die dogters wegjaag, het Moses opgestaan en hulle gehelp en hulle kleinvee laat suip.

¹⁸Met hulle aankoms by hulle pa Reüel het hy gevra: “Hoe het julle dan vandag so gou gekom? ”

¹⁹en hulle antwoord: “Daar was 'n Egiptenaar, en hy het ons gehelp teen die veewagters. Boonop het hy vir ons water geskep en die kleinvee laat suip.”

²⁰Toe vra die priester vir sy dogters: “Waar is hy? Waarom het julle die man daar laat staan? Gaan nooi hom huis toe om by ons te kom eet.”

²¹Moses het ingewillig om by Reüel te kom woon, en is later met sy dogter Sippora getroud.

²²Toe sy 'n seuntjie kry, het Moses hom Gersom genoem, “want,” het hy gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.”

God hoor die Israeliete se geroep om hulp

²³Die jare het verbygegaan, en die koning van Egipte het te sterwe gekom, maar die Israeliete het nog steeds gesug en gekreun onder die swaar werk. Hulle geroep om hulp het tot God opgegaan.

²⁴God het hulle gekerm gehoor en aan sy verbond met Abraham, Isak en Jakob gedink.

²⁵Hy het die nood van die Israeliete gesien en dit ter harte geneem.

Eksodus 3

God openbaar Hom aan Moses

¹Moses het die kleinvee van sy skoonpa Jetro, 'n priester van Midian, opgepas. Hy het die kleinvee diep die woestyn in gejaag totdat hy by Horeb, die berg van God, gekom het.

²Toe verskyn die Engel van die Here aan hom in 'n vlam binne-in 'n doringbos. Terwyl hy kyk, sien hy dat die doringbos aanhou brand, maar nie uitbrand nie.

³En Moses sê vir homself: “Ek wil tog 'n bietjie nader gaan om hierdie wonderlike verskynsel te bekyk. Waarom brand die doringbos dan nie uit nie?”

⁴Toe die Here sien dat hy nader kom om te kyk, roep God na hom uit die doringbos: “Moses! Moses!” En hy antwoord: “Hier is ek.”

⁵Die Here sê toe vir hom: “Moenie nóg nader kom nie. Trek uit jou skoene, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.”

⁶Verder sê Hy: “Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob.” Toe maak Moses sy gesig toe, want hy was bang om na God te kyk.

⁷Daarna sê die Here: “Ek het die ellende van my volk in Egipte duidelik gesien en hulle noodkrete oor die slawedrywers gehoor. Ek het hulle lyding ter harte geneem.

⁸Daarom het Ek afgekom om hulle uit die mag van Egipte te bevry en om hulle daarvandaan te laat trek na 'n goeie en uitgestrekte land, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Dit is die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.

⁹Die noodkrete van die Israeliete het My bereik, en Ek het ook aanskou hoe Egipte hulle verdruk.

¹⁰Daarom stuur Ek jou na die farao toe sodat jy my volk, die Israeliete, uit Egipte kan bevry.”

¹¹Toe sê Moses vir God: “Wie is ék dat ek dit by die farao sou waag en dat ék die Israeliete uit Egipte sou bevry?”

¹²God het Moses geantwoord: “Ek sal by jou wees en die bewys dat Ek jou gestuur het, sal dít wees: wanneer jy die volk uit Egipte bevry het, sal julle My by hierdie berg aanbid.”

¹³Daarna sê Moses vir God: “Sê nou maar ek kom by die Israeliete en ek sê vir hulle: ‘Die God van julle voorvaders het my na julle toe gestuur,’ en hulle vra vir my: ‘Wat is sy Naam?’ wat moet ek dan vir hulle sê?”

¹⁴Toe sê God vir Moses: “Ek is wat Ek is. Jy moet vir die Israeliete sê: ‘Ek is’ het my na julle toe gestuur.”

¹⁵Verder sê God vir Moses: “Jy moet ook nog vir die Israeliete sê: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, het my na julle toe gestuur.’ Dit is ewig my Naam, dit is die Naam waarmee Ek aangeroep moet word van geslag tot geslag.

¹⁶“Gaan roep nou die leiers van Israel bymekaar en sê vir hulle: ‘Die Here die God van julle voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob, het aan my verskyn en gesê: Ek weet van julle en Ek weet ook wat julle aangedoen word in Egipte.

¹⁷Ek het besluit om julle te laat wegtrek uit die ellende van Egipte na die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, na 'n land wat oorloop van melk en heuning.’

¹⁸“Die leiers van Israel sal na jou luister, en dan moet jy en hulle na die Egiptiese koning toe gaan en vir hom sê: ‘Die Here die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise ver die woestyn in trek om vir ons God, die Here, 'n offer te bring.’

¹⁹“Ek weet dat die Egiptiese koning julle nie sal laat gaan nie, selfs nie onder dwang nie.

²⁰Dan sal Ek my hand uitsteek en Egipte teister met die wonderdade wat Ek in hom sal doen. Eers daarna sal die farao julle laat gaan.

²¹Ek sal ook sorg dat die Egiptenaars goed doen aan hierdie volk van My, sodat, as julle uiteindelik wegtrek, julle nie met leë hande sal gaan nie.

²²Elke vrou moet van haar buurvrou of in die huis waar sy werk, silwer- en goue goed sowel as klere eis. Laat julle seuns en dogters dit dan as buit uit Egipte uit wegdra.”

Eksodus 4

¹Maar toe sê Moses: “Sê nou die Israeliete glo my nie en hulle luister nie na my nie en hulle sê die Here het nie aan my verskyn nie?”

²Toe vra die Here vir hom: “Wat het jy in jou hand?” “'n Kierie,” antwoord Moses.

³“Gooi die kierie op die grond!” sê die Here vir hom. Toe hy dit op die grond gooi, word dit 'n slang, en Moses het daarvoor padgegee.

⁴Die Here sê toe vir Moses: “Steek jou hand uit en gryp hom aan sy stert.” Moses steek sy hand uit en gryp hom, en skielik word dit weer 'n kierie in sy hand.

⁵Toe sê die Here: “Op grond hiervan sal hulle glo dat die Here die God van hulle voorvaders, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, aan jou verskyn het.

⁶“Steek nou jou hand in die vou van jou klere!” Hy steek toe sy hand in en toe hy dit uittrek, was dit melaats, so wit soos sneeu.

⁷Hierna sê die Here: “Steek nou weer jou hand in jou klere.” Hy steek toe weer sy hand in en toe hy dit uittrek, was dit gesond.

⁸Toe sê die Here: “As hulle jou na die eerste wonderwerk nie geglo het nie en hulle nie daaraan gesteur het nie, behoort hulle jou na hierdie een wel te glo.

⁹“As hulle jou ná hierdie twee wonderwerke nog nie glo nie en nie na jou luister nie, moet jy van die Nyl se water vat en op die grond uitgooi. Die water wat jy uit die Nyl gevat het, sal dan op die grond bloed word.”

¹⁰Toe sê Moses vir die Here: “Ag, Here, ek kan nie goed praat nie; ek kon nie vroeër nie en ek kan ook nie nou, hier waar U met my praat nie. Ek praat swaar, en my tong sukkel.”

¹¹Daarna sê die Here vir hom: “Wie het aan die mens 'n mond gegee? Wie maak stom of doof of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie?

¹²Gaan nou, Ek sal jou help met die praat en jou leer wat jy moet sê.”

¹³Maar Moses antwoord: “Asseblief tog, Here, stuur liever iemand anders.”

¹⁴Toe word die Here kwaad vir Moses en sê: “Aäron die Leviet is mos jou broer, en Ek weet hy kan sy woord goed doen. Hy is al op pad om jou te ontmoet en hy sal bly wees om jou weer te sien.

¹⁵Praat met hom en sê vir hom wat om te sê. Ek sal by jou wees as jy praat en by hom as hy praat en Ek sal julle leer wat om te doen.

¹⁶Wanneer hy namens jou met die volk praat, is hy jou segsman en jy die een wat hom sy opdragte gee.

¹⁷Hou nou die kerie waarmee jy die tekens moet gaan doen, by jou.”

Moses gaan terug na Egipte toe

¹⁸Daarna het Moses na sy skoonpa Jetro toe teruggegaan en vir hom gesê: “Ek wil graag teruggaan na my mense toe in Egipte om te sien hoe dit met hulle gaan.” Jetro antwoord hom: “Gaan gerus.”

¹⁹In Midian het die Here aan Moses gesê: “Gaan nou terug na Egipte toe, want al die mense wat jou wou doodmaak, is al dood.”

²⁰Toe is Moses met sy vrou en kinders na Egipte toe. Hy het sy vrou en kinders op 'n donkie laat ry en die kerie wat God hom gegee het, saamgevat.

²¹Die Here het vir Moses gesê: “Wanneer jy teruggaan Egipte toe, moet jy sorg dat jy al die wonderwerke waartoe Ek jou in staat gestel het, voor die farao doen. Maar Ek sal hom hardkoppig maak, en hy sal die volk nie laat gaan nie.

²²Dan moet jy vir die farao sê: So sê die Here: Israel is my oudste seun.

²³Ek het vir jou gesê: Laat my seun gaan sodat hy My kan aanbid. Maar jy het geweier om hom te laat gaan, en nou gaan Ek jou oudste seun doodmaak.”

²⁴Waar Moses-hulle langs die pad oornag het, het die Here by hom gekom en wou Hy vir Moses doodmaak.

²⁵Sippora vat toe 'n klipmes, sny haar seun se voorhuid af, raak daarmee aan Moses se voete en sê: “Jy is nou my bruidegom wat deur bloed beskerm word.”

²⁶Die Here het Moses met rus gelaat net toe sy sê: “bruidegom wat deur bloed beskerm word.” Dit het betrekking op die besnydenis.

²⁷Intussen het die Here vir Aäron opdrag gegee om Moses in die woestyn tegemoet te gaan. Hy het gegaan en hom by die berg van God aangetref en met 'n soen gegroet.

²⁸Moses vertel toe vir Aäron van alles waarvoor die Here hom gestuur het, ook van al die tekens wat Hy hom beveel het om te doen.

²⁹Moses en Aäron het gegaan en al die leiers van die Israeliete bymekaargeroep.

³⁰Aäron het hulle alles vertel wat die Here vir Moses gesê het, en daarna het Moses die tekens voor die volk gedoen.

³¹Hulle het hom geglo. Toe hulle hoor dat die Here die nood van die Israeliete gesien het en Hom hulle lot aangetrek het, het hulle in aanbidding gebuig.

Eksodus 5

Moses en Aäron gaan na die farao toe

¹Daarna het Moses en Aäron na die farao toe gegaan en gesê: “So sê die Here die God van Israel: Laat my volk gaan om tot my eer 'n fees in die woestyn te vier.”

²Maar die farao het geantwoord: “En wie is die Here nogal dat ek na Hom sal luister om Israel te laat gaan? Ek ken die Here nie, en ek sal Israel nie laat gaan nie! ”

³Hulle sê toe: “Die God van die Hebreërs het Hom aan ons geopenbaar. Laat ons asseblief drie dagreise die woestyn in trek om 'n offer vir ons God, die Here, te bring, anders tref Hy ons dalk met die pes of die swaard.”

⁴Maar die koning van Egipte het vir hulle gesê: “Moses en Aäron, waarom hou julle die volk van hulle werk af weg? Gaan terug na julle werk toe!

⁵Julle mense is alreeds te veel en nou wil julle hulle ook nog laat ophou werk!
”

⁶Dieselfde dag nog het die farao die slawedrywers van die volk en hulle opsigters beveel:

⁷“Julle mag nie meer soos vroeër vir die volk strooi gee om bakstene mee te maak nie. Laat hulle self gaan strooi bymekaarmaak,

⁸en julle moet van hulle dieselfde hoeveelheid stene as tevore bly eis. Julle mag niks verminder nie! Hulle is net lui, daarom hou hulle aan met neul: ‘Ons wil vir ons God gaan offer.’

⁹Die werk moet vir die manne so swaar wees en hulle so besig hou dat hulle nie hulle ore uitleen vir allerhande leuens nie.”

¹⁰Toe het die slawedrywers en die opsigters van die volk vir hulle gaan sê: “So sê die farao: Julle kry nie meer strooi nie.

¹¹Loop haal dit self waar julle dit ook al kan kry, maar aan die hoeveelheid werk word niks verminder nie.”

¹²Die volk het toe dwarsoor Egipte stoppels bymekaargemaak,

¹³en die slawedrywers het hulle aangejaag en gesê: “Julle moet nog elke dag net soveel lewer soos toe daar nog strooi verskaf is.”

¹⁴Boonop het die farao se slawedrywers die Israelitiese opsigters geslaan en vir hulle gesê: “Waarom het julle nie vandag net soos vroeër dieselfde hoeveelheid stene gemaak nie? ”

¹⁵Die Israelitiese opsigters kom kla toe by die farao: “Waarom maak u so met u werksmense?

¹⁶Daar word nie meer strooi aan ons verskaf nie, en tog bly die drywers vir ons sê: ‘Maak bakstene! ’ Ons word mishandel, maar eintlik lê die fout by ú mense.”

¹⁷Toe sê die farao: “Julle is lui! Lui! Dit is dié dat julle bly sê: ‘Ons wil vir die Here gaan offer.’

¹⁸Loop! Gaan werk! Hulle sal nie meer vir julle strooi gee nie, maar julle kwota bakstene sal julle lewer.”

¹⁹Toe die farao vir die Israelitiese opsigters sê dat die daaglikse kwota bakstene nie verminder gaan word nie, het hulle besef watter ramp hulle getref het.

²⁰Moses en Aäron het hulle buite ingewag, en toe die opsigters van die farao af by hulle kom,

²¹sê hulle vir Moses en Aäron: “Mag die Here julle straf omdat julle ons naam sleg gemaak het by die farao en sy amptenare en vir hulle 'n swaard in die hand gegee het om ons mee dood te maak.”

Moses word weer deur die Here na die farao toe gestuur

²²Daarna het Moses weer na die Here gegaan en gesê: “Here, waarom werk U so sleg met hierdie volk? Waarom het U my nou eintlik gestuur?”

²³Van die eerste oomblik af dat ek by die farao gekom het om in u Naam te praat, het hy hierdie volk mishandel. Tog het U niks gedoen om u volk te red nie! ”

²⁴Toe sê die Here vir Moses: “Nou sal jy sien wat Ek met die farao gaan doen: Ek gaan hom dwing om my volk te laat gaan; ja, Ek gaan hom dwing om hulle uit sy land uit weg te jaag.”

Eksodus 6

¹God het vir Moses gesê: “Ek is die Here!

²Ek het aan Abraham, Isak en Jakob verskyn as God die Almagtige, maar my Naam, die Here, het Ek nie aan hulle bekend gemaak nie.

³Tog het Ek my verbond met hulle gemaak, naamlik om die land Kanaän aan hulle te gee, 'n land waarvan hulle nie burgers was nie.

⁴Ek het die gekerm van die Israeliete, wat deur Egipte verkneg word, duidelik gehoor en Ek het aan my verbond gedink.

⁵Daarom moet jy vir die Israeliete sê: Ek is die Here. Ek sal julle van die dwangarbeid van Egipte bevry. Ek sal julle van die verknegting verlos, Ek sal julle vry maak met mag en met groot reddingsdade.

⁶Ek neem julle aan as my volk en Ek sal julle God wees. Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is wat julle van die dwangarbeid van Egipte bevry.

⁷Ek sal julle bring na die land toe wat Ek met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob belowe het. Ek sal dit julle eiendom maak. Ek is die Here.”

⁸Dit het Moses toe aan die Israeliete vertel, maar in hulle moedeloosheid oor die harde werk het hulle nie na hom geluister nie.

⁹Toe sê die Here vir Moses:

¹⁰“Gaan praat met die farao, die koning van Egipte, dat hy die Israeliete laat trek uit sy land uit.”

¹¹Maar Moses sê vir die Here: “Die Israeliete luister nie eens na my nie, hoe sal die farao nog na my luister? Ek praat juis nie maklik nie.”

¹²Nogtans het die Here vir Moses en Aäron na die Israeliete en na die farao, die koning van Egipte, toe gestuur met die opdrag om die Israeliete uit Egipte te bevry.

Leiers in die familie van Moses en Aäron

¹³Die volgende mense was leiers in die familie van Moses en Aäron: Ruben was die oudste seun van Israel. Ruben se seuns was Ganok, Pallu, Gesron en Karmi. Hulle was die familiehoofde van die stam Ruben.

¹⁴Die seuns van Simeon was Jemuel, Jamin, Ohad, Jakin, Sogar, en Saul, 'n seun van 'n Kanaänitiese vrou. Hulle was die familiehoofde van die stam Simeon.

¹⁵Nou volg die name van die seuns van Levi volgens hulle geslagsregisters: Gerson, Kehat en Merari. Levi het honderd sewe en dertig jaar oud geword.

¹⁶Die seuns van Gerson was Libni en Simi. Hulle het nageslagte gehad.

¹⁷Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. Kehat het honderd drie en dertig jaar oud geword.

¹⁸Die seuns van Merari was Magli en Musi. Dit was dan volgens die geslagsregisters die familiehoofde van die stam Levi.

¹⁹Amram het met Jogebed, 'n tante van hom, getrou, en hulle seuns was Aäron en Moses. Amram het honderd sewe en dertig jaar oud geword.

²⁰Die seuns van Jishar was Korag, Nefeg en Sikri.

²¹Die seuns van Ussiël was Misael, Elisafan en Sitri.

²²Aäron het met Eliseba 'n dogter van Amminadab, suster van Nagson, getrou, en hulle seuns was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

²³Die seuns van Korag was Assir, Elkana en Abiasaf. Hulle was die familiehoofde van die Koragiete.

²⁴Aäron se seun Eleasar het met een van die dogters van Putiël getrou, en hulle seun was Pinehas. Dit was dan die familiehoofde van die stam Levi en hulle nageslagte.

²⁵Dit is dié Aäron en Moses vir wie die Here gesê het: “Julle moet die stamme van Israel uit Egipte bevry.”

²⁶En dit is hulle wat met die farao, die koning van Egipte, onderhandel het oor die bevryding van die Israeliete uit Egipte.

Die opdrag aan Moses

²⁷Toe die Here in Egipte met Moses gepraat het,

²⁸het Hy vir hom gesê: “Ek is die Here. Gaan sê vir die farao, die koning van Egipte, alles wat Ek vir jou gesê het.”

²⁹Toe sê Moses vir die Here: “Ek praat swaar, die farao sal nie na my luister nie.”

Eksodus 7

¹Maar die Here antwoord hom: “Kyk, Ek gee aan jou gesag oor die farao, en jou broer Aäron sal jou woordvoerder wees.

²Alles wat Ek jou beveel, moet jy aan jou broer Aäron oordra, en hy moet dit vir die farao vertel sodat hy die Israeliete kan laat trek uit sy land uit.

³Maar Ek sal die farao hardkoppig maak, sodat Ek baie tekens en wonders in Egipte kan doen.

⁴Hy sal wel nie na julle luister nie, maar dan sal Ek Egipte my mag laat ervaar: met groot reddingsdade sal Ek die stamme van my volk Israel uit Egipte bevry.

⁵As Ek Egipte tref, sal hulle besef dat Ek die Here is, en dan sal Ek Israel tussen hulle uit laat trek.”

⁶Moses en Aäron het gedoen presies wat die Here hulle beveel het.

⁷Moses was tagtig en Aäron drie en tagtig toe hulle met die farao gaan praat het.

⁸Verder het die Here vir Moses en Aäron gesê:

⁹“As die farao vir julle sê: ‘Doen bietjie 'n wonderteken,’ moet jy vir Aäron sê: Vat jou kiere en gooi dit voor die farao neer dat dit 'n groot slang word.”

¹⁰Toe Moses en Aäron by die farao kom, het hulle gedoen wat die Here beveel het: Aäron het sy kiere voor die farao en sy amptenare neergegooi en dit het in 'n groot slang verander.

¹¹Die farao roep toe ook sy manne bymekaar wat dié soort ding ken, sy goëlaars. Dié Egiptiese towenaars doen toe met hulle towerkunste presies dieselfde:

¹²soos elkeen sy kiere neergooi, verander dit in 'n groot slang. Maar toe sluk Aäron s'n hulle s'n in!

¹³Tog het die farao koppig gebly en nie aan hulle versoek gehoor gegee nie, net soos die Here vooraf gesê het.

Die eerste plaag: water word bloed

¹⁴Die Here het vir Moses gesê: “Die farao bly onversetlik, hy hou aan weier om die volk te laat trek.

¹⁵Gaan môre vroeg na die farao toe; hy sal juis op pad wees water toe. Gaan wag vir hom langs die Nyl, met die kiere wat in 'n slang verander het, in jou hand.

¹⁶Sê dan vir hom: ‘Die Here die God van die Hebreërs het my na jou toe gestuur met die opdrag dat jy my volk moet laat gaan om My in die woestyn te dien, maar tot nou toe het jy nie gehoor gegee nie.

¹⁷So sê die Here: Deur wat nou gaan volg, sal jy weet dat Ek die Here is.’ Jy moet ook vir die farao sê: Met hierdie kiere in my hand sal ek op die Nyl se water slaan, en dit sal in bloed verander.

¹⁸Dan sal die vis in die Nyl vrek, en dit sal so stink dat die Egiptenaars nie die water sal kan drink nie.”

¹⁹Verder sê die Here vir Moses: “Sê vir Aäron: Vat jou kiere en swaai dit oor al die water van Egipte, oor sy kanale, riviere, moerasse en damme, dat dit bloed kan word. Daar sal bloed wees in die hele Egipte, selfs in die hout- en klipbakke.”

²⁰Toe het Moses en Aäron gedoen presies wat die Here hulle beveel het. Aäron het sy kiere opgelig en voor die oë van die farao en sy amptenare op die Nyl se water geslaan, en al die water het in bloed verander.

²¹Die vis in die Nyl het gevrek en die Nyl se water het so gestink dat die Egiptenaars dit nie kon drink nie. Oral in Egipte was daar bloed.

²²Maar die Egiptiese towenaars het met hulle towerkunste dieselfde gedoen, sodat die farao koppig gebly het. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, soos die Here vooraf gesê het.

²³Die farao het omgedraai na sy paleis toe sonder om hom daaraan te steur.

²⁴Intussen het die hele Egipte langs die Nyl na drinkwater gegrawe omdat hulle nie die Nyl se water kon drink nie.

²⁵Die toestand het 'n volle sewe dae geduur nadat die Here die Nyl getref het.

Eksodus 8

Die tweede plaag: paddas

¹Daarna sê die Here vir Moses: “Gaan sê vir die farao: So sê die Here: Laat my volk gaan om My te dien.

²As jy weier om hulle te laat gaan, sal Ek jou hele gebied met 'n paddaplaag tref.

³Die Nyl sal wemel van die paddas. Hulle sal uitspring en in jou paleis kom, in jou slaapkamer, op jou bed, in jou amptenare se huise, tussen jou mense, in jou bakoonde en in jou skottels.

⁴Die paddas sal op jou en op jou mense en al jou amptenare spring.”

⁵Verder sê die Here vir Moses: “Sê vir Aäron: Swaai jou kiere oor die kanale, riviere en moerasse. Laat daar paddas kom oor Egipte.”

⁶Aäron swaai toe sy kiere oor al die water van Egipte en toe kom die paddas: Egipte was oortrek van hulle.

⁷Tog het die towenaars met hulle towerkunste dieselfde gedoen en ook paddas oor Egipte laat kom.

⁸Hierna roep die farao vir Moses en Aäron en sê: “Julle moet die Here bid dat Hy die paddas van my en my mense af wegvat. Dan sal ek die volk laat gaan dat hulle vir die Here kan gaan offer.”

⁹Moses antwoord toe: “Soos dit U Majesteit behaag. Wanneer sal ek vir u, u amptenare en u mense bid dat die paddas heeltemal van u en u huise af weggevat kan word, en daar net in die Nyl nog van hulle sal oorbly? ”

¹⁰En die farao antwoord: “Doen dit môre.” Toe sê Moses: “Goed, dan sal u besef dat daar geen god is soos ons God, die Here, nie.

¹¹Die paddas sal van u af weggevat word, van u huise, u amptenare en u mense af; net in die Nyl sal daar nog paddas oorbly.”

¹²Moses en Aäron het van die farao af weggegaan en Moses het die Here aangeroep oor die paddas wat Hy oor die farao gebring het.

¹³Die Here het gedoen wat Moses gevra het, en die paddas het gevrek, in die huise, in die binneplase en op die lande.

¹⁴Die mense het dit hope-hope bymekaargehark, en die land het daarvan gestink.

¹⁵Maar toe die farao sien dat daar verligting gekom het, het hy weer onversetlik geword. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, soos die Here vooraf gesê het.

Die derde plaag: muggies

¹⁶Daarna het die Here vir Moses gesê: “Sê vir Aäron: Swaai jou kerie en slaan op die grond dat daar muggies oor die hele Egipte kom.”

¹⁷Hulle twee het toe so gemaak. Aäron het die kerie geswaai en op die grond geslaan, en mens en dier was oortrek van die muggies. In die hele Egipte het elke krieseltjie stof 'n muggie geword.

¹⁸Die towenaars het dieselfde probeer doen met hulle towerkunste, dié keer om muggies voort te bring, maar hulle kon nie. Mens en dier was oortrek van die muggies.

¹⁹Toe sê die towenaars vir die farao: “Dit is die vinger van God! ” Maar die farao het koppig gebly. Hy het nie aan Moses-hulle se versoek gehoor gegee nie, net soos die Here vooraf gesê het.

Die vierde plaag: steekvlieë

²⁰Daarna het die Here vir Moses gesê: “Staan môreoggend vroeg op en gaan wag vir die farao by die water. Hy sal juis op pad wees soontoe. Sê vir hom: So sê die Here: Laat my volk gaan om My te dien,

²¹want as jy my volk nie laat gaan nie, sal Ek steekvlieë op jou loslaat, op jou amptenare, op jou mense en in jou huise. In die huise van die Egiptenaars en ook op hulle lande sal dit swerm van die steekvlieë.

²²Maar dié dag sal Ek 'n uitsondering maak van die Gosenstreek waar my volk woon. Dáár sal nie 'n enkele steekvlieg wees nie, dat jy kan besef dat Ek, die Here, in die land is.

²³Ek neem my volk in beskerming, joute nie. Net môre sal hierdie wonder gebeur.”

²⁴Die Here het dit toe gedoen. Groot swerms steekvlieë het in die paleis van die farao in gekom, in die huise van sy amptenare en oor die hele Egipte. Die land is daardeur lam gelê.

²⁵Toe roep die farao vir Moses en Aäron en sê: “Julle kan vir julle God gaan offer, maar hier in dié land! ”

²⁶Maar Moses antwoord: “Dit kan ons nie doen nie, want ons offers aan ons God, die Here, gee aanstoot aan die Egiptenaars. As ons nou hier voor hulle oë offers bring wat vir hulle aanstootlik is, sal hulle ons mos met klippe doodgooi!

²⁷Ons wil maar net drie dagreise ver die woestyn in gaan om aan ons God, die Here, te offer soos Hy ons beveel het.”

²⁸Hierna sê die farao: “Dan laat ek julle nou maar gaan om in die woestyn vir julle God, die Here, te offer. Moet net nie te ver weg gaan nie, en bid vir my.”

²⁹Toe antwoord Moses: “Ek gaan nou weg van u af en sal die Here bid dat die steekvlieë môre van u af padgee en van u amptenare en u mense af. U Majesteit moet nou net nie weer u woord breek deur die volk nie te laat gaan om vir die Here te offer nie! ”

³⁰Moses het weggegaan van die farao af en tot die Here gebid.

³¹Die Here het toe gedoen wat Moses gevra het en die steekvlieë van die farao af laat padgee, en van sy amptenare en sy mense af. Daar het nie een oorgebly nie.

³²En tog het die farao ook hierdie keer onversetlik gebly en die volk nie laat gaan nie.

Eksodus 9

Die vyfde plaag: pes onder die vee

¹Daarna het die Here vir Moses gesê: “Gaan sê vir die farao: So sê die Here die God van die Hebreërs: Laat my volk gaan om My te dien.

²As jy weier om hulle te laat gaan en hulle bly vashou,

³sal die Here sy mag toon met 'n baie swaar pes onder al jou vee in die veld: perde, donkies, kamele, beeste en kleinvee.

⁴Die Here sal onderskeid maak tussen die vee van Israel en dié van Egipte: daar sal nie 'n enkele stuk vee van die Israeliete vrek nie.”

⁵Die Here het 'n tyd vasgestel en Hy het gesê Hy sal dit die volgende dag in Egipte laat gebeur.

⁶Die volgende dag doen Hy dit toe ook, en al die vee van Egipte is dood, maar van die vee van die Israeliete is daar nie een dood nie.

⁷Die farao het navraag gedoen en jou werklik waar, nie 'n enkele stuk van die Israeliete se vee is dood nie. Tog was die farao steeds onversetlik: hy het die volk nie laat gaan nie.

Die sesde plaag: swere

⁸Daarna het die Here vir Moses en Aäron gesê: “Skep hande vol roet uit 'n oond en laat Moses dit voor die farao in die lug opgooi.

⁹Dit sal 'n fyn poeier word oor die hele Egipte en dit sal dwarsoor Egipte op mens en dier swere veroorsaak wat aanhoudend etter.”

¹⁰Hulle het toe roet uit 'n oond gevat en voor die farao gaan staan. Toe Moses dit in die lug opgooi, kom daar op mens en dier swere wat aanhoudend etter.

¹¹Die towenaars kon Moses dit nie eens probeer nadoen nie, want hulle was vol swere. Die swere het op al die Egiptenaars uitgekom, ook op die towenaars.

¹²Tog het die Here die farao nog steeds koppig laat bly. Hy het nie aan Moses en Aäron se versoek gehoor gegee nie, soos die Here vooraf vir Moses gesê het.

Die sewende plaag: hael

¹³Daarna het die Here vir Moses gesê: “Staan môreoggend vroeg op en gaan na die farao toe en sê vir hom: So sê die Here die God van die Hebreërs: Laat my volk gaan om My te dien,

¹⁴anders gaan Ek jou hierdie keer met 'n groot ramp tref en ook jou amptenare en jou mense. Dan sal jy besef dat daar op die hele aarde niemand soos Ek is nie.

¹⁵Na regte moes Ek nou al my hand uitgesteek het en jou en jou mense met 'n pes van die aarde af uitgewis het.

¹⁶Daar is net een rede waarom Ek jou nog laat lewe, en dit is dat Ek jou my mag kan wys en my Naam daardeur oor die hele wêreld geroem kan word.

¹⁷Nog steeds hou jy jou groot teen my volk en laat jy hulle nie gaan nie.

¹⁸Môre hierdie tyd gaan Ek 'n verskriklike swaar haelstorm laat losbars soos daar nog nooit in die bestaan van Egipte was nie.

¹⁹Laat nou al jou vee en alles wat buite is, na veiligheid bring. Al die mense en diere wat buite is en nie onder dak gebring is nie, sal deur die hael doodgeslaan word.”

²⁰Die amptenare van die farao wat bang geword het toe hulle hoor wat die Here gesê het, het haastig hulle slawe en vee onder dak gebring,

²¹maar dié wat hulle nie aan sy woorde gesteur het nie, het hulle slawe en vee buite laat bly.

²²Toe het die Here vir Moses gesê: “Steek jou hand in die lug op dat daar hael oor die hele Egipte kan kom oor mens en dier, en oor al die plante van Egipte.”

²³Toe Moses sy kiere in die lug opsteek, het die Here donderslae en hael gestuur, en die blitse het tot op die grond geslaan. Die Here het die haelstorm oor Egipte laat losbars.

²⁴Die hael het geval; tussen die hael deur het die een blits op die ander gevolg, so erg soos dit nog nooit was vandat daar mense in Egipte woon nie.

²⁵Die hael het die hele Egipte getref, alles wat buite was, mens en dier. Al die plante is deur die hael weggeslaan, selfs al die bome is in repe geslaan.

²⁶Net in die Gosenstreek, waar die Israeliete was, was daar nie hael nie.

²⁷Die farao laat roep toe vir Moses en Aäron en sê vir hulle: “Nou erken ek ek was verkeerd. Die Here het reg, ek en my mense is skuldig.

²⁸Bid tog tot die Here. Die donderslae en hael is vir ons te erg. Ek sal julle laat gaan. Julle hoef nie langer te bly nie.”

²⁹Toe het Moses vir hom gesê: “Sodra ek uit die stad is, sal ek my hande in gebed na die Here uitsteek. Dan sal die donderslae ophou, en daar sal nie meer hael wees nie, dat u kan besef dat hierdie land aan die Here behoort.

³⁰Wat u en u amptenare betref, ek weet u het nog nie ontsag vir God, die Here, nie.”

³¹Die vlas- en die garsoes is vernietig omdat die gars in die aar en die vlas in die knop was,

³²maar die koring en die sorghum is nie vernietig nie omdat dit later ryp word.

³³Moses is van die farao af weg uit die stad uit, en hy het sy hande in gebed na die Here uitgesteek. Die donderslae en die hael het opgehou en die stortbuie het bedaar.

³⁴Toe die farao sien die reën, hael en donderslae hou op, het hy maar weer verkeerd gedoen. Hy en sy amptenare was onversetlik.

³⁵Die farao het koppig gebly en die Israeliete nie laat gaan nie, soos die Here vooraf deur Moses gesê het.

Eksodus 10

Die agste plaag: sprinkane

¹Daarna het die Here vir Moses gesê: “Gaan na die farao toe, want Ek het hom en sy amptenare onversetlik gemaak sodat Ek hierdie wonders van My onder hulle kan doen.

²Dan kan jy aan jou kinders en kleinkinders vertel wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het en watter wonders Ek onder hulle verrig het om julle te laat besef dat Ek die Here is.”

³Moses en Aäron het toe na die farao toe gegaan en vir hom gesê: “So sê die Here die God van die Hebreërs: Hoe lank gaan jy nog weier om jou aan My te onderwerp? Laat my volk gaan om My te dien!

⁴As jy weier om my volk te laat gaan, bring Ek môre 'n sprinkaanplaag oor jou land.

⁵Die land sal so toe wees onder hulle dat 'n mens nie die grond sal kan sien nie. Hulle sal elke groenigheidjie afvreet wat oorgebly het na die hael, selfs dié van elke boom wat weer uitloop.

⁶Hulle sal oral in jou paleise wees, in die huise van al jou amptenare en van elke Egiptenaar. So iets het julle en al julle voorvaders nog nooit gesien vandat hulle in die land is tot nou toe nie.” Toe het Moses omgedraai en van die farao af weggegaan.

⁷Die amptenare sê toe vir die farao: “Hoe lank gaan dié man nog vir ons moeilikheid gee? Laat hulle nou maar gaan om hulle God, die Here, te dien, maar net die mans. U sien tog dat Egipte te gronde gaan.”

⁸Toe is Moses en Aäron na die farao toe teruggebring en hy sê vir hulle: “Gaan dien julle God, die Here! Maar wie gaan almal saam? ”

⁹Moses antwoord: “Ons gaan almal, met ons jong manne en ons ou manne, met ons seuns en ons dogters, met ons kleinvee en ons grootvee, want ons moet vir die Here 'n fees gaan hou.”

¹⁰Maar die farao sê vir hulle: “Die Here is net so min met julle as wat ek julle vrouens en kinders saam met julle sal laat gaan. Julle het 'n verkeerde ding in die kop.

¹¹So sal ek dit nie toelaat nie! Net die mans gaan! Gaan dien die Here; dit is mos wat julle nog altyd vra! ” Toe is hulle van die farao af weggejaag.

¹²Daarna het die Here vir Moses gesê: “Steek jou hand uit oor Egipte dat daar sprinkane oor die land kan kom om elke groen sprietjie op te vreet wat van die hael oorgebly het.”

¹³Toe steek Moses sy kiere oor Egipte uit, en die Here het daardie hele dag en nag 'n oostewind laat waai wat die sprinkane aangebring het. Die volgende môre was hulle daar.

¹⁴Hulle het oor Egipte gekom en die hele land vol gesit, 'n yslike groot sprinkaanswerm, soos daar nog nooit tevore was nie en hierna ook nie weer sal wees nie.

¹⁵Die land was toe onder hulle en dit was donker. Hulle het elke groen sprietjie in die land opgevrete, en alles wat na die hael aan die bome oorgebly het. Daar het geen groenigheid aan 'n boom of 'n plant in Egipte oorgebly nie.

¹⁶Die farao laat toe haastig vir Moses en Aäron roep en hy sê: “Ek het verkeerd gedoen teen julle God, die Here, en teen julle!

¹⁷Vergeef tog asseblief net hierdie keer my oortreding! Bid tot julle God, die Here, dat Hy hierdie dood afweer van my af.”

¹⁸Moses het van die farao af weggegaan en tot die Here gebid.

¹⁹Toe laat die Here die wind verander in 'n sterk westewind wat die sprinkane opgeskep het en in die Rietsee gegooi het. Daar het nie een enkele sprinkaan in die hele Egiptiese gebied oorgebly nie.

²⁰Maar die Here het die farao weer koppig gemaak, en hy het die Israeliete nie laat gaan nie.

Die negende plaag: drie dae donker

²¹Daarna het die Here vir Moses gesê: “Steek jou hand in die lug op, dan sal dit donker word in Egipte, so donker dat 'n mens dit kan voel.”

²²Moses het toe sy hand in die lug opgesteek, en drie dae lank was dit pikdonker oor die hele Egipte.

²³Die mense kon mekaar nie sien nie en drie dae lank kon niemand iets uitrig nie, maar in al die woongebiede van die Israëliete was daar lig.

²⁴Toe laat die farao vir Moses roep en sê: “Gaan dien die Here! Julle vrouens en kinders kan saamgaan, maar julle kleinvee en julle grootvee moet hier agterbly.”

²⁵Maar Moses sê: “U sal tog nie vir ons brandoffers en ander diereoffers gee om aan ons God, die Here, te bring nie!

²⁶Daarom gaan ons vee beslis met ons saam. Daar bly nie 'n kloutjie agter nie. Ons moet van die vee gebruik om ons God, die Here, te dien en voordat ons daar aankom, weet ons nog nie met watter offer ons Hom sal dien nie.”

²⁷Maar die Here het die farao weer koppig gemaak, sodat hy hulle nie wou laat gaan nie.

Die tiende plaag word aangekondig

²⁸Toe het die farao vir Moses gesê: “Maak dat jy hier wegkom! Sorg dat ek jou nie weer sien nie, want die oomblik dat ek jou weer sien, sterf jy! ”

²⁹Moses het geantwoord: “Soos u sê: u sal my nie weer sien nie.”

Eksodus 11

¹Die Here het toe vir Moses gesê: “Met nog een plaag sal Ek die farao en Egipte tref, en dan sal hy julle hiervandaan laat gaan. Ja, hy sal julle onvoorwaardelik laat trek; hy sal julle selfs wegjaag hiervandaan.

²Gaan sê vir die volk elke man en vrou moet silwer- en goue goed van hulle Egiptiese bure eis.”

³Die Here het gesorg dat die Egiptenaars aan sy volk goed doen, en boonop het Moses groot aansien onder die Egiptenaars geniet, by die amptenare en die volk.

⁴Toe sê Moses vir die farao: “So sê die Here: Teen middernag sal Ek deur Egipte gaan,

⁵en elke eersgeborene in Egipte sal sterwe, van die kroonprins af, die eersgeborene van die farao, tot by die eersgeborene van die slavin wat koring maal, ja, selfs al die eersteling van die diere.

⁶In die hele Egipte sal daar so gehuil en gerou word soos nog nooit tevore nie en ook nie later nie.

⁷Maar onder die Israeliete sal niemand iets oorkom nie, nie 'n mens of 'n dier nie. “Dan sal julle besef dat die Here 'n verskil maak tussen Egiptenaar en Israeliet.

⁸Al hierdie amptenare van u sal voor my kom buig en vra: ‘Jy en jou hele volk moet asseblief trek.’ Dan sal ek trek.” Moses is toe woedend van die farao af weg.

⁹Daarna het die Here vir Moses gesê: “Die farao luister nie na julle nie sodat my wonders in Egipte nog meer kan word.”

¹⁰Moses en Aäron het al hierdie wonders voor die farao gedoen, maar die Here het die farao koppig gemaak, sodat hy die Israeliete nie uit sy land wou laat trek nie.

Eksodus 12

Die instelling van die paasfees

¹In Egipte het die Here vir Moses en Aäron gesê:

²“Hierdie maand is vir julle die belangrikste maand; dit moet die eerste maand van die jaar word.

³Sê vir die hele gemeente van Israel: Elkeen moet sorg dat hy op die tiende van hierdie maand 'n lam vir sy gesin het, vir elke huisgesin een.

⁴As 'n huisgesin te klein is vir 'n lam, kan 'n man en sy naaste buurman dit onder mekaar verdeel volgens die getal persone. Julle moet die lam deel volgens elkeen se behoefte.

⁵Dit moet 'n jaaroud rammetjie wees, sonder liggaamsgebrek, 'n skaap of 'n bok.

- ⁶Julle moet hom goed oppas tot die veertiende van hierdie maand, en dan moet die hele gemeente van Israel teen laat middag slag.
- ⁷Julle moet van die bloed smeer aan die sykante en die bokant van die deurkosyn van elke huis waar julle die lam gaan eet.
- ⁸Nog dieselfde nag moet julle die vleis eet. Julle moet dit gebraai eet, saam met ongesuurde brood en bitter kruie.
- ⁹Julle moet dit nie rou of in water gekook eet nie, maar oor die vuur gebraai, met kop, pootjies, binnegoed en al.
- ¹⁰Julle mag niks daarvan tot die volgende môre laat oorbly nie. As daar die volgende môre tog iets oor is, moet julle dit verbrand.
- ¹¹Julle moet dit haastig eet, aangetrek vir die reis, skoene aan die voete en kiere in die hand. Dit is die paasfees van die Here.
- ¹²“Daardie selfde nag sal Ek deur Egipte gaan om al die eersteling van die Egiptenaars, mens en dier, te tref. Met al die Egiptiese gode sal Ek afreken. Ek is die Here!
- ¹³Die bloed aan die huise waarin julle is, sal 'n teken wees: waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan, en die vernietigende slag waarmee Ek Egipte gaan tref, sal julle nie tref nie.
- ¹⁴“Hierdie dag moet vir julle 'n gedenktag wees. Julle moet dit as 'n fees tot eer van die Here vier. Vir julle nageslag moet dit 'n vaste instelling wees wat hulle moet vier.
- ¹⁵Sewe dae lank moet die brood wat julle eet, ongesuurde brood wees. Reeds op die eerste feesdag moet julle ontslae raak van suurdeeg in julle huise, want elkeen wat in die sewe dae gewone brood eet, moet van Israel afgesny word.
- ¹⁶Op die eerste en die sewende dag moet daar 'n gewyde byeenkoms wees. Op hierdie dae mag geen werk gedoen word nie, behalwe dat vir elkeen iets te ete voorberei kan word.

¹⁷“Onderhou die fees van die ongesuurde brood, want die eerste dag van die fees is die presiese dag waarop Ek julle stamme uit Egipte sal bevry het. Julle en julle nageslagte moet dié dag altyd as 'n vaste instelling vier.

¹⁸In die eerste maand moet julle van die aand van die veertiende af ongesuurde brood eet tot op die aand van die een en twintigste van die maand.

¹⁹Sewe dae mag daar geen suurdeeg in julle huise wees nie, want elkeen wat gewone brood eet, sal van die gemeente van Israel afgesny word. Dit geld vir vreemdelinge sowel as vir gebore Israeliete.

²⁰Julle mag glad nie gewone brood eet nie. In al julle woonplekke moet julle net ongesuurde brood eet.”

²¹Moses het toe al die leiers van Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Gaan vang vir julle gesinne elkeen 'n lam uit en slag die paaslam!

²²Neem 'n bossie hisop, doop dit in 'n bak met bloed en smeer die bloed aan die bokant en die sykant van die deurkosyn. Nie een van julle mag by sy deur uitgaan voor die volgende môre nie.

²³As die Here verbykom om die Egiptenaars te tref, sal Hy die bloed aan die bokant en die sykant van die deurkosyn sien en dié deur oorslaan. Hy sal nie die dood in julle huise laat kom om julle te tref nie.

²⁴“Julle en julle kinders moet altyd hierdie voorskrif eerbiedig.

²⁵Wanneer julle in die land kom wat die Here vir julle gaan gee soos Hy beloof het, moet julle hierdie verpligting nakom.

²⁶As julle kinders sou vra: ‘Wat beteken hierdie verpligting?’

²⁷moet julle sê: Dit is 'n paasoffer aan die Here omdat Hy in Egipte die Israeliete se huise oorgeslaan het. Terwyl Hy die Egiptenaars getref het, het Hy ons huise gespaar.” Toe het die volk in aanbidding gebuig.

²⁸Soos die Here vir Moses en Aäron beveel het, presies so het die Israeliete gedoen.

Tiende plaag: dood van die eersgeborenes

²⁹Om middernag het die Here elke eersgeborene van Egipte laat sterf, van die kroonprins af, die eersgeborene van die farao, tot by die eersgeborene van die krygsgevangene in die tronk, selfs die eersteling van die diere.

³⁰Toe die farao, al sy amptenare en al die Egiptenaars dié nag wakker word, het hulle almal bitterlik aan die huil gegaan, want daar was nie 'n enkele Egiptiese huis sonder 'n sterfgeval nie.

Die farao laat die Israeliete trek

³¹Dieselfde nag nog het die farao vir Moses en Aäron laat roep en gesê: “Gee pad onder my mense uit, julle twee en al die ander Israeliete! Gaan dien die Here soos julle gevra het!

³²Vat julle kleinvee en julle grootvee soos julle gevra het, en trek! En bid dan dat dit met my ook goed mag gaan.”

³³Die Egiptenaars het sterk by die volk daarop aangedring om gou uit die land pad te gee, “want,” het hulle gesê, “anders is ons almal dood! ”

³⁴Die volk het toe hulle brooddeeg, sonder suurdeeg, in skottels gesit, dit in hulle klere toegedraai en dit so op hulle skouers gedra.

³⁵Verder het die Israeliete die opdrag van Moses uitgevoer, naamlik om van die Egiptenaars silwer- en goue goed sowel as klere te eis.

³⁶Die Here het gesorg dat die Egiptenaars aan sy volk goed doen, sodat hulle uit Egipte as buit kon wegdra wát hulle ook al geëis het.

³⁷Die Israeliete het van Rameses af na Sukkot toe getrek. Behalwe die afhanklikes was daar sowat ses honderd duisend weerbare manne te voet.

³⁸Daar het ook 'n menigte mense van ander afkoms saamgegaan en ook groot troppe kleinvee en baie beeste.

³⁹Met die deeg wat hulle uit Egipte saamgebring het, het hulle ongesuurde roosterkoeke gebak: dit was sonder suurdeeg omdat hulle uit Egipte gejaag is en nie kans gehad het om eers vir hulle padkos klaar te maak nie.

⁴⁰Die Israeliete was vier honderd en dertig jaar in Egipte.

Voorskrifte in verband met die paasfees

⁴¹Na vier honderd en dertig jaar, presies op die dag waarop die fees nou gevier word, het die hele volk van die Here uit Egipte weggetrek.

⁴²Dit was die nag waarin die Here oor hulle gewaak het en hulle uit Egipte bevry het. Daarom behoort dié nag aan die Here en moet alle Israeliete en hulle nageslagte dié nag wakker bly.

⁴³Die Here het vir Moses en Aäron gesê: “Dit is die voorskrifte in verband met die paasfees: geen nie-Israeliet mag daarvan eet nie;

⁴⁴'n slaaf wat deur iemand gekoop is, mag eers daarvan eet nadat hy besny is;

⁴⁵geen bywoner of huurling mag daarvan eet nie.

⁴⁶Dit moet geëet word in die huis waarvoor dit bedoel is. Van die vleis mag niks buitentoe geneem word nie. Geen been van die paaslam mag gebreek word nie.

⁴⁷Die hele gemeente van Israel is verplig om die fees te vier.

⁴⁸Die vreemdeling wat jou beskerming geniet en die paasfees van die Here wil vier, moet besny word, hy en al die mans en seuns by hom. Dan eers is hy soos 'n gebore Israeliet en kan hy daaraan deelneem. Iemand wat nie besny is nie, mag nie daarvan eet nie.

⁴⁹Een en dieselfde bepaling moet geld vir die gebore Israeliet en vir die vreemdeling wat julle beskerming geniet.”

⁵⁰Al die Israeliete het gedoen presies wat die Here vir Moses en Aäron beveel het.

⁵¹Presies op die dag waarop die fees nou gevier word, het die Here die stamme van Israel uit Egipte bevry.

Eksodus 13

Elke eersgeborene moet aan die Here gewy word

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Julle moet elke eersgeborene aan My wy, elke eersteling wat in Israel gebore word, mens en dier. Dit is Myne.”

³Moses het vir die volk gesê: “Onthou die dag waarop julle uit Egipte, uit die plek van slawerny, weggetrek het, want dit is deur sy groot mag dat die Here julle daaruit bevry het. Julle mag op dié dag niks met suurdeeg in eet nie.

⁴“Julle vertrek vandag, op hierdie besondere dag in die maand Abib.

⁵Die Here het met 'n eed aan julle voorvaders belowe om vir julle die land van die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Hewiete en Jebusiete te gee. Wanneer Hy julle bring in die land wat oorloop van melk en heuning, moet julle die volgende verpligting in hierdie maand nakom:

⁶sewe dae lank moet julle ongesuurde brood eet, en die sewende dag is 'n feesdag tot eer van die Here.

⁷Dit moet beslis ongesuurde brood wees wat julle die sewe dae lank eet. Dan mag daar geen gis of enige suurdeeg by julle in julle hele gebied wees nie.

⁸Op die feesdag moet elkeen vir sy kinders vertel: ‘Dit is oor wat die Here vir my gedoen het toe ek uit Egipte getrek het.’

⁹Die fees moet vir julle wees soos 'n teken op die hand of 'n merk op die voorkop sodat julle altyd sal getuig dat die Here Hom aan julle geopenbaar het, want dit is met sy groot mag dat Hy julle uit Egipte bevry het.

¹⁰Julle moet hierdie voorskrif van jaar tot jaar op die bepaalde tyd nakom.

¹¹“Wanneer die Here julle nou bring in die land van die Kanaäniete en dit aan julle gee, soos Hy met 'n eed aan julle en julle voorvaders belowe het,

¹²moet julle elke manlike eersteling wat gebore word, aan die Here wy, en ook elke manlike eersteling van julle vee vir die Here afstaan.

¹³Elke eerste hingsvulletjie van 'n donkie moet julle egter met 'n skaap loskoop. As julle hom nie kan loskoop nie, moet julle sy nek breek. Julle moet ook al julle eersgebore seuns loskoop.

¹⁴As julle kinders later sou vra: ‘Wat beteken dit?’ moet julle vir hulle sê: ‘Met groot mag het die Here ons uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry,

¹⁵want toe die farao te hardkoppig was om ons te laat trek, het die Here al die eersteling van die Egiptenaars laat sterwe, mens en dier. Om hierdie rede offer ons die manlike eersteling van elke dier aan die Here, maar koop ons elke eersgebore seun los.’

¹⁶Soos 'n teken op die hand en 'n merk op die voorkop moet dit julle daaraan herinner dat die Here ons met groot mag uit Egipte bevry het.”

Die Here laat die volk met 'n ompad trek

¹⁷Toe die farao die volk laat trek het, het God hulle nie die pad na die land van die Filistyne toe laat vat nie, hoewel dit die kortste was, want Hy het gesê: “As die volk in 'n geveg betrokke raak, kan hulle dalk spyt kry en na Egipte toe teruggaan.”

¹⁸Daarom het God die volk met 'n ompad laat gaan, met die woestynpad in die rigting van die Rietsee. Die Israeliete het goed georganiseerd uit Egipte getrek.

¹⁹Moses het die liggaam van Josef saamgevat, want Josef het die seuns van Israel dit destyds uitdruklik met 'n eed laat beloof. Hy het gesê: “God sal beslis later na julle omsien, en dan moet julle my liggaam van hier af saamvat.”

²⁰Hulle het Sukkot verlaat en by Etam aan die rand van die woestyn kamp opgeslaan.

²¹Die Here het bedags met 'n wolkkolom voor hulle uit gegaan om vir hulle die pad te wys en snags met 'n vuurkolom om vir hulle lig te verskaf, sodat hulle dag en nag kon trek.

²²Die wolkkolom bedags en die vuurkolom snags het altyd voor die volk gebly.

Eksodus 14

Die farao agtervolg die Israeliete

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Beveel die Israeliete om weg te draai en kamp op te slaan naby Pi-Hagirot tussen Migdol en die see. Regoor Baäl-Sefon by die see moet julle kamp opslaan.

³Dan sal die farao dink die Israeliete het verdwaal en is deur die woestyn vasgekeer.

⁴Ek sal die farao weer koppig maak, sodat hy julle agtervolg, en Ek sal my mag laat geld teen hom en sy leer. Dan sal Egipte besef dat Ek die Here is.” Die Israeliete het die bevele uitgevoer.

⁵Toe die koning van Egipte die berig kry dat die volk vir goed weg is, het sy houding en dié van sy amptenare teenoor die Israeliete verander. Die Egiptenaars het gesê: “Wat het ons aangevang dat ons die Israeliete laat trek het? Nou is ons hulle diens kwy! ”

⁶Die farao het sy strydwa laat inspan en sy leer saam met hom gevat.

⁷Hy het sy ses honderd beste strydwaens gevat, asook al die ander Egiptiese strydwaens, elkeen met 'n bemanning van drie.

⁸Die Here het die farao, die koning van Egipte, koppig gemaak sodat hy die Israeliete agtervolg het, maar die Israeliete het onder die beskerming van God verder getrek.

⁹Die Egiptenaars het hulle agtervolg, en al die strydwaens van die farao met bemanning en leërmag het hulle ingehaal terwyl hulle besig was om by die see kamp op te slaan, naby Pi-Hagirot regoor Baäl-Sefon.

¹⁰Toe die farao nader kom, sien die Israeliete skielik die Egiptenaars sit hulle agterna. Hulle het baie bang geword en benoud na die Here geroep.

¹¹Hulle het vir Moses gesê: “Is daar nie begraafplek in Egipte nie dat jy ons saamsleep om in die woestyn te sterwe? Wat het jy ons aangedoen dat jy ons uit Egipte laat trek het?

¹²Ons het jou mos in Egipte gesê om ons te laat staan dat ons vir die Egiptenaars werk. Dit is vir ons beter om vir hulle te werk as om hier in die woestyn om te kom.”

¹³Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie. Staan vas, kyk hoe die Here julle vandag gaan red, want soos julle die Egiptenaars nou daar sien, sal julle hulle nooit weer sien nie.

¹⁴Bly julle maar kalm. Die Here sal vir julle veg.”

Die Here red die Israeliete

¹⁵Toe het die Here vir Moses gesê: “Waarom roep julle so benoud na My? Sê vir die Israeliete hulle moet verder trek.

¹⁶En jy, lig jou kiere op en steek jou hand oor die see uit en kloof dit oop sodat die Israeliete op droë grond kan deurgaan.

¹⁷Ek sal die Egiptenaars so koppig maak dat hulle die Israeliete sal agtervolg. So sal Ek my mag laat geld teenoor die farao en sy hele leër: strydwaens en bemanning.

¹⁸Wanneer Ek my mag laat geld teenoor die farao, sy strydwaens en hulle bemanning, sal Egipte besef dat Ek die Here is.”

¹⁹Die Engel van God wat altyd voor die Israeliete uit beweeg het terwyl hulle getrek het, het nou agter hulle plek ingeneem. Ook die wolkkolom wat voor hulle was, het agter hulle ingeskuif,

²⁰tussen die Egiptenaars en die Israeliete. Aan die Egiptiese kant was die wolk donker en aan die Israelitiese kant het dit die nag verlig. Die hele nag deur het die twee groepe nie nader aan mekaar gekom nie.

²¹Moses het sy hand oor die see uitgesteek, en die Here het daardie hele nag die water met 'n sterk oostewind weggedryf, sodat die water oopgekloof en die see daar drooggelê is.

²²Die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan, en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.

²³Die Egiptenaars het hulle agternagesit: die farao se perde, strydwaens en bemanning is almal agter hulle aan die see in.

²⁴In die vroeë môre het die Here uit die vuur- en wolkkolom afgekyk op die Egiptiese leer en verwarring onder hulle gesaai.

²⁵Hy het die wiele van hulle strydwaens laat uitval, sodat hulle skaars kon beweeg. Toe sê die Egiptenaars: “Ons moet wegkom van die Israeliete af, want die Here veg vir hulle teen Egipte.”

²⁶Maar die Here het vir Moses gesê: “Steek jou hand uit oor die see sodat die water oor die Egiptenaars, oor hulle strydwaens en bemanning kan stroom.”

²⁷Moses steek toe sy hand oor die see uit. Teen dagbreek het die see teruggestroom oor sy bodem en die Egiptenaars het hulle teen die water vasgevlug: die Here het hulle deur die see laat meesleur.

²⁸Toe die water terugstroom, was die strydwaens en bemanning, die hele leërmag van die farao wat agter die Israeliete aan die see in is, tóé onder die water. Daar het nie een van hulle oorgebly nie.

²⁹Maar die Israeliete het op droë grond deur die see gegaan en die water het weerskante van hulle soos 'n muur gestaan.

³⁰Die Here het Israel daardie dag gered van Egipte, en die Israeliete het die Egiptenaars dood op die strand sien lê.

³¹Toe Israel sien hoe kragtig die Here teen Egipte opgetree het, is hulle met ontsag vir Hom vervul. Hulle het in die Here geglo en ook in Moses, sy dienaar.

Eksodus 15

Die Here is oorwinnaar in die stryd

¹Toe het Moses en die Israeliete die volgende lied tot eer van die Here gesing: “Ek wil tot eer van die Here sing omdat Hy hoog verhewe is. Perd en strydwa het Hy in die see geslinger.

²Die Here is my krag en my beskerming. Hy het tot my redding gekom. Hy is my God, Hom roem ek, die God van my voorvaders, Hom prys ek.

- ³Die Here is oorwinnaar in die stryd, sy Naam is 'die Here'!
- ⁴Die strydwaens van die farao en ook sy leer het Hy in die see geslinger. Die keur van Egipte se offisiere is in die Rietsee gedompel.
- ⁵Watermassas het hulle oordek, soos 'n klip het hulle in die dieptes afgesak.
- ⁶U regterhand, Here, gedug in sy krag, u regterhand, Here, verpletter die vyand.
- ⁷U is hoog verhewe, U vernietig wie teen U opstaan, U laat u toorn woed, dit verteer hulle soos kaf.
- ⁸U wind het gewaai: die water dam op, strome staan regop soos 'n muur, watermassas stol in die hart van die see.
- ⁹Die vyand sê: 'Ek sal hulle agtervolg en inhaal, ek sal die buit verdeel, ek sal my sin kry, ek sal my swaard trek, my hand sal hulle verslaan.'
- ¹⁰"U laat u wind waai: die see oordek hulle, hulle sink soos lood in die magtige waters.
- ¹¹Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade!
- ¹²U het u regterhand uitgesteek; die aarde het die vyand ingesluk.
- ¹³Deur u trou het U die volk gelei wat deur U verlos is, hulle deur u krag gebring na u gewyde land toe.
- ¹⁴Die volke het dit gehoor en hulle het gesidder, ang het die bewoners van Filistea beetgepak,
- ¹⁵die stamhoofde van Edom was verskrik, die magtiges van Moab vreesbevange, al die bewoners van Kanaän was lam geskrik.
- ¹⁶Vrees en ang het hulle oorval, u magtige daade het hulle laat versteen toe u volk deurtrek, Here, toe die volk wat U u eie gemaak het, deurtrek.

¹⁷U het hulle ingebring, U het hulle geplant op die berg wat aan U behoort. Here, U het 'n plek vir u troon voorberei, u hande, Here, het 'n gewyde plek gereed gemaak.

¹⁸Die Here regeer tot in ewigheid! ”

¹⁹Waarlik, toe die perde van die farao met strydwaens en bemanning die see ingegaan het, het die Here die water van die see oor hulle laat terugvloei, maar die Israeliete het op droë grond daardeur gegaan.

Die lied van Mirjam

²⁰Mirjam die profetes, suster van Aäron, het 'n tamboeryn gevat en al die vroue het met tamboeryne agternageloop en gedans.

²¹Mirjam het vir hulle voorgesing: “Sing tot eer van die Here omdat Hy hoog verhewe is. Perd en ruiter het Hy in die see geslinger.”

Bitter water word soet

²²Moses het die Israeliete laat wegtrek van die Rietsee af en hulle het na die Surwoestyn toe gegaan. Hulle het drie dae lank die woestyn in getrek en geen water gekry nie.

²³Toe hulle by Mara aankom, kon hulle nie die water drink nie, omdat dit bitter was. Daarom het hulle die plek Mara genoem.

²⁴Die volk het by Moses gekla: “Wat moet ons drink? ”

²⁵Moses het die Here aangeriep, en die Here het hom 'n stuk hout gewys. Hy het dit toe in die water gegooi, en die water het soet geword. Daar het die Here die volk op die proef gestel en daar het Hy vir hulle 'n vaste reël neergelê.

²⁶Hy het gesê: “Julle moet goed luister na wat Ek, die Here julle God, sê! Julle moet doen wat reg is in my oë, gehoor gee aan my gebooie en alles doen wat Ek vir julle voorskryf. Dan sal Ek geeneen van die siektes waarmee Ek Egipte getref het, oor julle bring nie, want dit is Ek, die Here, wat julle gesond hou.”

²⁷Daarna het hulle by Elim aangekom met sy twaalf fonteine en sewentig palmbome en daar by die water kamp opgeslaan.

Eksodus 16

Kos uit die hemel

¹Nadat hulle Elim verlaat het, het die hele volk Israel in die Sinwoestyn aangekom wat tussen Elim en Sinai lê. Dit was op die vyftiende van die tweede maand nadat hulle uit Egipte getrek het.

²In die woestyn het die hele volk hulle teenoor Moses en Aäron begin verset

³en gesê: “As ons maar liewer in Egipte omgekom het deur die hand van die Here terwyl ons by die vleispotte kon sit en oorgenoeg kos kon hê om te eet! Nou het julle ons laat wegtrek tot in hierdie woestyn om die hele volk van honger te laat omkom.”

⁴Toe het die Here vir Moses gesê: “Let nou mooi op. Ek sal elke keer vir julle kos uit die hemel laat reën. Dan moet die volk elke dag gaan en dié dag se voorraad optel. So sal Ek toets of hulle my opdrag wil nakom of nie.

⁵As hulle op die sesde dag voorberei wat hulle ingebring het, moet dit dubbel soveel wees as wat hulle elke dag optel.”

⁶Toe sê Moses en Aäron vir al die Israeliete: “Vanaand sal julle besef dat dit die Here is wat julle uit Egipte bevry het,

⁷en môreoggend sal julle sien hoe magtig die Here is. Hy het gehoor dat julle julle teen Hóm verset. Dat julle julle teen ons verset, is niks nie.”

⁸Verder het Moses gesê: “As die Here vanaand vir julle vleis gee en môreoggend oorgenoeg kos om te eet, sal julle besef Hy het julle verset teen Hom opgemerk. Dit was nie teen ons nie, maar teen die Here dat julle julle verset het.”

⁹Moses het toe vir Aäron gesê: “Beveel die hele gemeente van Israel om voor die Here te kom staan, want Hy het hulle verset opgemerk.”

¹⁰Nadat Aäron dit vir hulle gesê het, kyk die Israeliete na die woestyn se kant toe om, en toe word die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar in die wolk.

¹¹Die Here sê toe vir Moses:

¹²“Ek het die verset van die Israeliete opgemerk. Sê vir hulle: Teen skemeraand sal julle vleis eet en teen môreoggend sal julle oorgenoeg kos hê sodat julle kan besef dat Ek die Here julle God is.”

¹³Teen die aand se kant het daar kwartels aangevlieg gekom en hulle het die hele kamp vol gesit. Die volgende oggend was daar 'n wolk rondom die kamp,

¹⁴en toe die wolk wegtrek, was die woestyn oortrek met fyn vlokies soos ryp.

¹⁵Toe die Israeliete dit sien, sê hulle vir mekaar: “Wat is dit dié? ” want hulle het nie geweet wat dit is nie. Toe sê Moses vir hulle: “Dit is die brood wat die Here vir julle gee om te eet.

¹⁶Die Here het beveel: Gaan maak dit bymekaar volgens elke gesin se behoefte, twee liter per kop. Elkeen moet vat volgens die getal mense in sy tent.”

¹⁷Die Israeliete het dit toe gaan optel, die een baie en die ander 'n bietjie,

¹⁸en toe hulle dit met 'n maatemmer afmeet, het dié met baie nie te veel nie, en dié met 'n bietjie nie te min gehad nie. Hulle het volgens elkeen se behoefte bymekaargemaak.

¹⁹Moses het toe vir hulle gesê: “Niemand mag iets daarvan laat oorskiet tot môreoggend nie.”

²⁰Maar hulle het nie vir Moses geluister nie. Party het daarvan tot die volgende oggend laat oorstaan, maar daar het miet in gekom en dit het gestink. Moses was woedend oor wat hulle gedoen het.

²¹Hulle het dit vroeg elke oggend bymekaargemaak, volgens elkeen se behoefte, maar net as die son begin bak, het dit weggesmelt.

Reëlins vir die sabbat

²²Op die sesde dag het hulle 'n dubbele porsie opgetel, vier liter vir elkeen. Toe al die leiers van die volk dit vir Moses kom vertel,

²³sê hy vir hulle: “Dit is soos die Here gesê het: Môre is 'n rusdag, 'n gewyde sabbat van die Here. Maak alles gaar, bak wat julle wil bak, en kook wat julle

wil kook, en wat oorbly nadat julle geëet het, moet julle wegsit en bewaar vir môre.”

²⁴Hulle het dit weggesit tot die volgende oggend soos Moses beveel het, en dit het nie sleg geword of miet gekry nie.

²⁵Toe het Moses gesê: “Eet dit nou vandag, want vandag is dit die sabbat van die Here. In die veld gaan julle niks kry nie.

²⁶Ses dae moet julle dit bymekaarmaak, maar op die sewende dag, die sabbat, sal daar niks wees nie.”

²⁷Tog het daar op die sewende dag van die mense uitgegaan om bymekaar te maak, maar hulle het niks gekry nie.

²⁸Die Here sê toe vir Moses: “Hoe lank gaan julle nog weier om my bevele en opdragte te gehoorsaam?

²⁹Ek het vir julle die sabbat gegee en daarom gee Ek vir julle op die sesde dag genoeg kos vir twee dae. Elkeen moet bly waar hy is en niemand mag op die sewende dag sy woonplek verlaat nie.”

³⁰Die volk het op die sewende dag gerus.

'n Kruik vol manna word bewaar

³¹Die Israeliete het die kos manna genoem. Dit was wit soos koljandersaad en het soos heuningkoek gesmaak.

³²Moses het ook nog gesê: “Die Here het beveel: 'n Volle twee liter manna moet vir die nageslag bewaar word sodat hulle die kos kan sien wat Ek julle in die woestyn gegee het nadat Ek julle uit Egipte bevry het.”

³³Moses sê toe vir Aäron: “Vat 'n kruik en gooi twee liter manna daarin. Sit dit dan voor die Here neer sodat dit vir julle nageslag veilig bewaar kan word.”

³⁴Aäron het dit voor die getuienis neergesit om dit in bewaring te hou soos die Here vir Moses beveel het.

³⁵Die Israeliete het veertig jaar lank manna geëet; hulle het dit geëet totdat hulle bewoonde gebied bereik het, tot hulle by die grens van Kanaän gekom het.

³⁶Die tweelitermaat waarmee die manna afgemeet is, was een tiende van die standaardmaat.

Eksodus 17

Water uit die rots

¹Nadat die hele volk Israel uit die Sinwoestyn vertrek het, het hulle op bevel van die Here van plek tot plek gegaan totdat hulle by Refidim kamp opgeslaan het. Maar daar was geen water vir die volk om te drink nie.

²Toe het die volk met Moses rusie gemaak en gesê: “Gee jý vir ons water om te drink! ” En Moses antwoord hulle: “Waarom maak julle rusie met my? Waarom stel julle die geduld van die Here op die proef? ”

³Maar die volk was dors en hulle het vir Moses verwytd: “Waarom het jy ons uit Egipte laat optrek om ons en ons kinders en ons vee van dors te laat omkom? ”

⁴Daarna het Moses tot die Here geroep: “Wat moet ek met hierdie volk aanvang? Netnou gooi hulle my met klippe dood.”

⁵Toe sê die Here vir Moses: “Loop voor die volk verby en neem van die leiers van Israel saam. Vat ook die kiere waarmee jy op die Nyl se water geslaan het, en stap vooruit.

⁶Ek sal daar reg voor jou op die rots by Horeb staan. Dan moet jy teen die rots slaan, en daar sal water uitloop vir die volk om te drink.” Moses het dit toe gedoen voor die oë van die leiers van Israel.

⁷Hy het die plek Massa en Meriba genoem omdat die Israeliete daar met Moses rusie gemaak het en ook omdat hulle die geduld van die Here op die proef gestel het toe hulle gesê het: “Is die Here by ons of nie? ”

Oorlog teen Amalek

⁸Toe die Amalekiete by Refidim teen Israel kom veg het,

⁹het Moses vir Josua gesê: “Kies vir ons manskappe en gaan veg môre teen die Amalekiete. Dan sal ek op die top van die heuwel gaan staan met die kerie wat God my gegee het, in my hand.”

¹⁰Josua het toe gedoen wat Moses vir hom gesê het en hy het teen die Amalekiete gaan veg. Moses, Aäron en Hur het tot op die top van die heuwel uitgeklim.

¹¹Solank Moses sy hand opgehou het, was Israel die sterkste, en wanneer sy hand gesak het, die Amalekiete.

¹²Maar Moses se arms het begin moeg word. Hulle het toe 'n klip gevat en dit agter hom neergesit sodat hy daarop kon gaan sit. Aäron en Hur het sy arms van weerskante af ondersteun sodat sy arms regop gebly het tot sononder.

¹³Josua het die Amalekiete heeltemal verslaan.

¹⁴Daarna het die Here vir Moses gesê: “Skryf hierdie woorde op in 'n boek as 'n blywende herinnering en lees dit vir Josua voor: Ek wil die Amalekiete heeltemal van die aarde af verdelg.”

¹⁵Moses het 'n altaar gebou en dit genoem: “Die Here gee my die oorwinning.”

¹⁶Verder het Moses gesê: “Dit is die gedenkteken vir die oorwinning wat die Here gee. Die Here voer oorlog teen Amalek van geslag tot geslag.”

Eksodus 18

Jetro besoek vir Moses

¹Jetro, priester van Midian en skoonpa van Moses, het gehoor wat die Here God alles vir sy volk Israel en vir Moses gedoen het toe die Here die Israeliete uit Egipte bevry het.

²Toe Moses sy vrou Sippora destyds teruggestuur het, het sy skoonpa Jetro haar

³en haar twee seuns in sy huis geneem. Die naam van die een seun was Gersom, “want,” het Moses gesê, “ek woon as vreemdeling in 'n vreemde land.”

⁴Die naam van die ander was Eliëser, “want,” het Moses gesê, “die God van my voorvaders het my gehelp: Hy het my gered toe die farao my wou doodmaak.”

⁵Jetro, Moses se skoonpa, het met Moses se seuns en sy vrou na hom toe gegaan waar hy in die woestyn by die berg van God kamp opgeslaan het.

⁶Jetro het toe vir Moses laat weet: “Ek is jou skoonpa Jetro. Ek kom na jou toe met jou vrou en jou twee seuns.”

⁷Moses het toe sy skoonpa gaan ontmoet en voor hom gebuig en hom met 'n soen gegroet. Nadat hulle vir mekaar gevra het hoe dit gaan, het hulle in Moses se tent ingegaan.

⁸Daar het Moses vir sy skoonpa alles vertel wat die Here aan die farao en aan Egipte gedoen het ter wille van Israel, en ook van al die ontberings wat die Israeliete op pad gehad het en hoe die Here hulle bevry het.

⁹Jetro was bly om te hoor van al die goeie dinge wat die Here vir Israel gedoen het toe Hy hulle uit Egipte se mag bevry het.

¹⁰⁻¹¹Toe het Jetro gesê: “Aan die Here kom die lof toe! Dit is Hy wat julle bevry het uit die mag van Egipte en die farao. Nou besef ek dat die Here groter is as enige ander god, want toe die Egiptenaars vermetel teen die volk van die Here opgetree het, het Hy hulle uit Egipte se mag bevry.”

¹²Jetro, Moses se skoonpa, het brandoffers en ander diereoffers vir God gebring, en daarna het Aäron en al die Israelitiese leiers gekom om saam met Moses se skoonpa aan die offermaaltyd deel te neem.

¹³Toe Moses die volgende dag gaan sit om hofsake te verhoor, het daar van die oggend af tot die aand toe mense vir hom gestaan en wag.

¹⁴Maar toe sy skoonpa sien wat Moses alles vir die volk doen, het hy gesê: “Waarom doen jy die volk dit aan? Waarom tree net jý op as regter, en al die mense moet van die môre af tot die aand toe vir jou staan en wag? ”

¹⁵Moses het sy skoonpa geantwoord: “Die volk kom na my toe om na die wil van God te vra.

¹⁶As hulle in sake betrokke raak, kom hulle na my toe. Ek lewer dan uitspraak oor die geskille tussen hulle en maak terselfdertyd God se voorskrifte en wette aan hulle bekend.”

¹⁷Maar Moses se skoonpa sê vir hom: “Jy maak nie reg nie.

¹⁸Jy en al hierdie mense by jou sal totaal uitgeput raak. Die werk is te veel vir jou. Jy kan dit nie alleen behartig nie.

¹⁹Luister nou na my raad en mag God jou bystaan! Jy moet die volk se verteenwoordiger by God wees en alle sake voor Hom bring.

²⁰Druk die volk die voorskrifte en wette op die hart, leer hulle die pad wat hulle moet loop en wat hulle moet doen.

²¹Verder moet jy onder die volk bekwame manne uitsoek, dienaars van die Here, mense wat die waarheid liefhet en nie hulle eie voordeel soek nie. Dan moet jy hulle oor die volk aanstel as leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien.

²²Hulle moet deurentyd vir die volk hofsittings hou. Die belangrike sake moet na jǒu verwys word, en die geringes moet hulle oplos. Dit sal vir jou makliker wees as hulle die verantwoordelikheid saam met jou dra.

²³As God jou beveel om dit so te doen, sal jy met die werk kan aanhou, en al hierdie mense sal dan tevrede huis toe gaan.”

²⁴Moses het na sy skoonpa geluister en gedoen wat hy gesê het.

²⁵Moses het bekwame manne uit Israel gekies en hulle aangestel as hoofde oor die volk: leiers oor duisend, oor honderd, oor vyftig en oor tien.

²⁶Hulle het deurentyd hofsittings gehou. Die belangrike sake is na Moses verwys, en die geringes is deur die leiers verhoor.

²⁷Moses het toe afskeid geneem van sy skoonpa, en sy skoonpa is terug na sy eie land toe.

Eksodus 19

Die Israeliete kom by Sinaiberg

¹Presies drie maande na hulle uittog uit Egipte het die Israëliete in die Sinaiwoestyn aangekom.

²Nadat hulle van Refidim af vertrek het, het hulle kamp opgeslaan in die Sinaiwoestyn, regoor die berg.

³Moses het teen die berg uitgeklim na God toe, en die Here het van die berg af na hom geroep: “So moet jy vir die nageslag van Jakob sê, vir die Israëliete vertel:

⁴“ ‘Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het.

⁵⁻⁶As julle My gehoorsaam en julle aan my verbond hou, sal julle uit al die volke my eiendom wees, 'n koninkryk wat My as priesters dien, en 'n gewyde nasie. Die hele aarde behoort immers aan My.’ Dit is wat jy aan die Israëliete moet vertel.”

⁷Moses het toe afgeklim en die leiers van die volk bymekaargeroep en vir hulle alles vertel wat die Here hom beveel het.

⁸Daarna het die volk soos een man geantwoord: “Alles wat die Here gesê het, sal ons doen.” Moses het vir die Here gaan sê wat die volk geantwoord het.

⁹Toe het die Here vir Moses gesê: “Ek kom na jou toe in 'n donderwolk. Die volk sal My kan hoor wanneer Ek met jou praat en dan sal hulle altyd vertrou in jou hê.” Toe Moses alles wat die volk geantwoord het, aan die Here gaan meedeel het,

¹⁰het die Here ook nog vir hom gesê: “Gaan terug na die volk toe. Laat hulle hulle vandag en môre reinig en laat hulle hulle klere was.

¹¹Hulle moet oormôre gereed wees, want dan sal Ek, die Here, na Sinaiberg toe afkom, voor die oë van die hele volk.

¹²Jy moet rondom die berg vir die volk 'n grens vasstel en vir hulle sê: Julle moet oppas om nie op die berg te klim of selfs aan sy helling te raak nie. Elkeen wat aan die berg raak, moet beslis doodgemaak word.

¹³“Julle mag so iemand nie met die hand aanraak nie; hy moet beslis met klippe doodgegooi of met 'n pyl doodgeskiet word. Dit maak nie saak of dit 'n mens of 'n dier is nie; hy mag nie bly lewe nie. Eers wanneer die ramshoring blaas, mag hulle die berg uitklim.”

¹⁴Moses is toe die berg af na die volk toe. Hy het hulle beveel om hulle te reinig en hulle klere te was

¹⁵en vir hulle gesê: “Wees oormôre gereed en moet intussen nie naby 'n vrou kom nie.”

¹⁶Met dagbreek die derde dag was daar donderslae, weerligte en 'n donker wolk op die berg. Daar was ook die sterk, helder klank van 'n ramshoring. Die hele volk in die kamp het gebewe.

¹⁷Toe het Moses hulle uit die kamp laat uitgaan om voor God te gaan verskyn, en hulle het by die voet van die berg gaan staan.

¹⁸Die hele Sinaiberg het begin rook toe die Here in vuur daarheen afkom; die rook het opgetrek soos die rook van 'n oond. Die hele berg het ook geweldig geskud,

¹⁹en die geluid van die ramshoring het al hoe harder en harder geword. Moses het gepraat, en God het hom in die donderslae geantwoord.

²⁰Toe die Here na die top van Sinaiberg toe afgekom het, het Hy vir Moses na die top van die berg toe geroep. Moses het daarheen opgeklim,

²¹en die Here het vir hom gesê: “Gaan af, waarsku die volk dat hulle nie deurbreek na My, die Here, toe om na My te kyk nie, want dan sal baie van hulle sterf.

²²Selfs die priesters wat gewoonlik in my teenwoordigheid kom, moet op 'n afstand bly of anders sal Ek hulle laat sterf.”

²³Moses het die Here geantwoord: “Die volk kan nie Sinaiberg bestyg nie, want U self het ons gewaarsku om 'n grens rondom die berg vas te stel en daarvan af weg te bly.”

²⁴Toe het die Here vir hom gesê: “Gaan nou af en kom dan saam met Aäron terug. Die priesters en die volk mag nie deurbreek en opklim na My, die Here, toe nie, want dan sal Ek hulle laat sterf.”

²⁵Moses is toe af na die volk toe om alles vir hulle te gaan sê.

Eksodus 20

Die tien gebooie

(Vgl. Deut. 5:6-21)

¹Toe het God al hierdie gebooie aangekondig:

²“Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

³Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

⁴“Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.

⁵Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,

⁶maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

⁷“Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

⁸“Sorg dat jy die sabbatdag heilig hou.

⁹Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,

¹⁰maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie.

¹¹Die Here het in ses dae die hemel en alles daarin gemaak, die aarde en alles daarop, die see en alles daarin. Op die sewende dag het Hy gerus, en daarom het die Here dit as gereelde rusdag geheilig.

¹²“Eer jou vader en jou moeder, dan sal jy lank bly woon in die land wat die Here jou God vir jou gee.

¹³“Jy mag nie moord pleeg nie.

¹⁴“Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

¹⁵“Jy mag nie steel nie.

¹⁶“Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie.

¹⁷“Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie. Jy mag nie sy vrou begeer nie, ook nie 'n slaaf of slavin, 'n bees of 'n donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.”

Die volk vra Moses moet liever met hulle praat

(Vgl. Deut. 5:22-33)

¹⁸Toe die volk die donderslae en die klank van die ramshoring hoor, en die weerligte en die rook op die berg sien, het hulle van angs gebewe en op 'n afstand bly staan.

¹⁹Hulle sê toe vir Moses: “Praat jý liever met ons, en ons sal luister. Moet tog nie dat God met ons praat nie, want dan sal ons sterf.”

²⁰Maar Moses het die volk geantwoord: “Moenie bang wees nie, want God het gekom om julle te toets. Hy wil hê julle moet ontsag hê vir Hom en nie sondig nie.”

²¹Die volk het op 'n afstand bly staan, maar Moses het nader gegaan na die donker wolk waarin God was.

Die altaar

²²Toe sê die Here vir Moses: “So moet jy vir die Israeliete sê: Julle het nou self ervaar dat Ek uit die hemel met julle kom praat het.

²³Julle mag nie gode uit silwer maak om my plek in te neem nie. Julle mag ook nie vir julle gode uit goud maak nie.

²⁴Julle moet vir My 'n altaar van grond bou en julle brandoffers en maaltydoffers uit julle kleinvee en beeste daarop bring. Op elke plek waar Ek my Naam wil laat aanroep, sal Ek na julle toe kom en julle seën.

²⁵“As julle 'n altaar van klip vir My wil oprig, mag julle dit nie van gekapte klip bou nie. Sodra julle met die beitel daaraan kap, sal julle dit ontwy.

²⁶“Julle mag nie met trappies na my altaar toe opklim nie, sodat julle julle nie by my altaar ontbloot nie.”

Eksodus 21

Bepalings vir die goeie orde in die samelewing

¹“Dit is die bepalings wat jy die Israeliete moet meedeel:

Oor slawe

²“Wanneer jy 'n Hebreëuse slaaf koop, moet hy ses jaar vir jou werk, maar in die sewende jaar moet jy hom vrylaat sonder dat hy jou iets daarvoor betaal.

³As hy alleen was toe hy jou slaaf geword het, moet hy alleen vrygelaat word. As hy toe getroud was, moet sy vrou saam met hom vrygelaat word.

⁴As sy eienaar vir hom 'n vrou gegee het, en sy vir hom seuns of dogters in die wêreld gebring het, behoort die vrou en haar kinders aan die eienaar, en dan hoef net die slaaf vrygelaat te word.

⁵As die slaaf egter uitdruklik sou sê: ‘Ek is lief vir my eienaar en vir my vrou en my kinders.

⁶Ek wil nie vrygelaat word nie,’ moet sy eienaar hom in die teenwoordigheid van God bring, by die heiligdom se deur of kosyn, en daar moet die eienaar 'n gaatjie in sy slaaf se oor steek met 'n els. Dan is hy vir altyd sy eienaar se slaaf.

⁷“Wanneer 'n man sy dogter as slavin verkoop, mag sy nie gewoonweg soos ander slawe vrygelaat word nie.

⁸As haar eienaar wat haar as sy vrou wou hê, later nie meer van haar hou nie, moet hy toelaat dat sy deur haar eie mense losgekoop word. Hy het nie die reg om haar aan vreemde mense te verkoop nie, want dan pleeg hy troubreuk teenoor haar.

⁹As die eienaar egter sou besluit om haar vir sy seun as vrou te gee, moet sy soos 'n dogter behandel word.

¹⁰As die eienaar 'n ander vrou vat, mag hy die byvrou haar kos, klere en huweliksreg nie ontsê nie.

¹¹As hy hierdie drie dinge nie vir haar gee nie, moet sy vrygelaat word sonder dat daar iets aan haar eienaar betaal word.”

Oor beserings en beskadigings

¹²“Wie iemand doodslaan, moet doodgemaak word.

¹³Hy wat dit onopsetlik gedoen het deurdat God dit met hom laat gebeur het, kan vlug na 'n plek toe wat Ek vir jou sal aanwys.

¹⁴Wanneer iemand egter 'n ander opsetlik doodmaak, moet jy hom selfs by die altaar wegvat en doodmaak.

¹⁵“Wie aan sy pa of ma slaan, moet doodgemaak word.

¹⁶“Wie 'n ander ontvoer om hom te verkoop of om hom in sy besit te hou, moet doodgemaak word.

¹⁷“Wie sy pa of ma vloek, moet doodgemaak word.

¹⁸⁻¹⁹“Wanneer mans aan die stry raak en die een slaan die ander met 'n klip of met die vuus sonder om hom dood te slaan, moet die slaner nie gestraf word nie. As die man wat geslaan is, egter in die bed moet bly en eers later kan opstaan en met 'n kiere buite kan rondloop, moet die slaner hom vergoed vir die tyd wat hy nie kan werk nie en vir hom sorg tot hy behoorlik gesond is.

²⁰“Wanneer 'n man sy slaaf of slavin met 'n stok slaan dat hy of sy onmiddellik doodgaan, moet dit gewreek word.

²¹As so 'n slaaf dit vir 'n dag of twee oorleef, is daar nie 'n saak nie, want die slaaf is die man se eiendom.

²²“Wanneer mans met mekaar baklei en hulle 'n swanger vrou omstamp, sodat sy 'n miskraam het maar nie blywend beseer is nie, moet hy wat haar gestamp het, onderhewig aan die goedkeuring van die regbank, die boete betaal wat die eggenoot van die vrou hom oplê.

²³As sy blywend beseer is, is die straf: 'n lewe vir 'n lewe,

²⁴'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand, 'n voet vir 'n voet,

²⁵'n brandwond vir 'n brandwond, 'n wond vir 'n wond en 'n kneusplek vir 'n kneusplek.

²⁶“Wanneer 'n man sy slaaf of slavin op die oog slaan en dit blywend beskadig, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die oog.

²⁷As hy sy slaaf of slavin se tand uitslaan, moet hy die slaaf of slavin vrylaat as vergoeding vir die tand.

²⁸“Wanneer 'n bees 'n man of 'n vrou doodstoot, moet die bees met klippe doodgegooi word, en sy vleis mag nie geëet word nie. Daar is nie 'n saak teen die eienaar van die bees nie.

²⁹As die bees tevore al stoterig was, en die eienaar se aandag daarop gevestig is, maar hy dit nogtans nie behoorlik oppas nie, sodat dit die dood van 'n man of 'n vrou veroorsaak, moet die bees met klippe doodgegooi word. Die eienaar van die bees moet ook doodgemaak word.

³⁰As hy egter loskoopgeld moet betaal, moet hy alles wat hom opgelê is, betaal as afkoopgeld vir sy lewe.

³¹As 'n bees 'n seun of 'n dogter stoot, moet volgens dieselfde regsbeginself gehandel word.

³²As 'n bees 'n slaaf of 'n slavin doodstoot, moet drie honderd en veertig gram silwer aan die eienaar betaal word, en die bees moet met klippe doodgegooi word.

³³“Wanneer 'n man 'n put oop laat of wanneer hy 'n put grawe en dit nie behoorlik toemaak nie, en 'n bees of 'n donkie val daarin,

³⁴moet die eienaar van die put vir die verlies vergoed; hy moet die eienaar van die dier uitbetaal en die dooie dier kan hy vat.

³⁵“Wanneer 'n man se bees iemand anders se bees doodstoot, moet hulle die lewende bees verkoop en die geld gelykop onder mekaar verdeel; ook die dooie dier moet gelykop verdeel word.

³⁶Of as dit bekend is dat die bees tevore al bakleierig was, maar sy eienaar dit nie behoorlik opgepas het nie, moet hy 'n ander bees in die plek van die dooie bees gee. Die dooie dier sal syne wees.”

Eksodus 22

Oor diefstal

¹“Wanneer 'n man 'n bees of 'n skaap steel en dit slag of verkoop, moet hy vyf beeste terugbetaal vir die bees en vier stuks kleinvee vir die skaap.

²⁻⁴As die gesteelde goed lewend in sy besit gevind word, moet hy dit dubbel vergoed, of dit nou beeste, donkies of skape is. 'n Dief moet ten volle vir sy diefstal vergoed. As hy niks besit nie, moet hy vir die waarde van die gesteelde goed verkoop word. As 'n dief inbreek en op heter daad betrap en doodgeslaan word, mag sy dood nie gewreek word nie. As dit egter na sonop gebeur, kan sy dood wel gewreek word.”

Oor veldbrand

⁵“Wanneer 'n man sy vee laat wei en hulle nie oppas waar hulle wei nie, en hulle loop wei in die land of wingerd van 'n ander, moet hy met die opbrengs van sy beste land of wingerd daarvoor vergoed.

⁶“Wanneer 'n man onkruid aan die brand steek, en die vuur vang die rye gerwe of die ongesnyde graan of die land van 'n ander, moet die man wat met die brand begin het, ten volle daarvoor vergoed.”

Oor goed in 'n ander se sorg

⁷“As 'n man aan iemand anders geld of goedere gee om te bewaar, en dit word uit sy huis gesteel, moet die dief dit dubbel betaal as hy gevang word.

⁸Maar as die dief nie gevang word nie, moet die huiseienaar in die teenwoordigheid van God 'n eed gaan aflê dat hy nie die ander man se goed gesteel het nie.

⁹In die geval van 'n geskil oor 'n bees of 'n donkie of 'n skaap of klere of enigiets wat weggeraak het, moet dié wat die goed eis, hulle saak voor God gaan stel.

Die een wat deur God as die skuldige aangewys word, moet dubbel betaal aan die ander.

¹⁰“Wanneer 'n man 'n donkie of 'n bees of 'n skaap of enige ander dier aan iemand anders gee om op te pas, en dit vrek of word verskeur of buitgemaak sonder dat daar 'n ooggetuie by is,

¹¹moet hy in wie se sorg dit gegee is, in die teenwoordigheid van die Here 'n eed teenoor die eienaar aflê dat hy wat dit moes oppas, dit nie gesteel het nie. Die eienaar moet sy woord aanvaar, en in so 'n geval hoef niks betaal te word nie.

¹²As die dier egter gesteel is terwyl dit in die ander man se sorg was, moet die eienaar daarvoor vergoed word.

¹³As dit deur wilde diere verskeur is, moet die eienaar by die verskeurde dier gebring word, en dan hoef niks betaal te word nie.

¹⁴“Wanneer 'n man 'n dier van 'n ander leen, en dit word verskeur of gaan dood terwyl die eienaar nie by is nie, moet die eienaar ten volle daarvoor vergoed word.

¹⁵As die eienaar by is, is daar nie 'n eis nie. As die dier gehuur was, moet die huur betaal word.”

Oor mense

¹⁶“Wanneer 'n man 'n jongmeisie wat nog nie verloof is nie, verlei om met hom geslagsgemeenskap te hê, moet hy aan haar pa die volle bruidsprys betaal en met haar trou.

¹⁷As haar pa volstrek weier om haar aan hom te gee, moet hy nogtans die volle bruidsprys vir jongmeisies betaal, en dit met silwer.

¹⁸“Jy mag nie 'n townares laat lewe nie.

¹⁹“Elkeen wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet doodgemaak word.

²⁰“Iemand wat aan enige god behalwe aan die Here offer, moet om die lewe gebring word.

²¹“Jy mag nie 'n vreemdeling verdruk of laat swaarkry nie, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte.

²²“Jy mag geen weduwee of weeskind veronreg nie.

²³As jy tog so iemand veronreg, en hy na My roep, sal Ek na sy hulpgeroep luister.

²⁴Dan sal my toorn ontvlam, en Ek sal jou om die lewe bring, sodat jou vrou 'n weduwee word en jou kinders weeskinders.

²⁵“As jy aan 'n arm man uit my volk geld leen, moet jy nooit teenoor hom soos 'n skuldeiser optree nie. Jy mag hom ook nie rente vra nie.

²⁶“As iemand sy klere by jou verpand, moet jy dit voor sononder teruggee,

²⁷want dit is al wat hy het om hom mee toe te maak. Onder wat anders kan hy slaap? As hy My hieroor aanroep, sal Ek na hom luister, want Ek is barmhartig.

²⁸“Jy mag God nie vervloek nie en ook nie 'n leier van jou volk nie.

²⁹“Moenie talm met jou offers uit jou graan- en wyoes nie. “Die eersteling van jou seuns moet jy vir My gee.

³⁰Dit geld ook van jou beeste en kleinvee. Sewe dae kan die eerstelinge by hulle ma's bly, maar op die agste dag moet jy hulle vir My gee.

³¹“Julle moet mense wees wat aan My gewy is. Julle mag nie vleis eet van diere wat in die veld verskeur is nie. Gooi dit vir die honde.”

Eksodus 23

Oor vals getuienis en naasteliefde

¹“Jy mag nie skinderstories versprei nie. Jy mag nie met 'n misdadiger saamwerk en in sy guns vals getuienis lewer nie.

²Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie. Wat jy in 'n hofsak getuig, mag jy nie verdraai nie, al doen die meerderheid dit ook.

³Wanneer jy regsprek, mag jy 'n arm man nie in sy hofsak voortrek nie.

⁴“Wanneer jy 'n verdwaalde bees of donkie van jou vyand raakloop, moet jy dit beslis na hom toe terugbring.

⁵“Wanneer jy iemand wat jou haat, se donkie sien lê onder sy vrag, moet jy hom nie sonder hulp los nie; gaan help hom met sy vrag.

⁶“Wanneer jy regspreek, mag jy 'n arme nie in 'n hofsaak veronreg nie

⁷en moet jy wegbly van leuens sodat jy nie onskuldiges en regverdiges doodmaak nie. Ek, die Here, vind nie 'n skuldige onskuldig nie.

⁸Wanneer jy regspreek, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat sien, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.

⁹“Jy mag 'n vreemdeling nie laat verdruk nie. Julle ken die lewe van 'n vreemdeling, want julle was vreemdelinge in Egipte.”

Oor die sabbat

¹⁰“Ses jaar mag jy jou lande saai en die oes insamel,

¹¹maar die sewende jaar moet jy dit laat braak lê. Die armes onder jou mense mag van die opslag eet, en wat hulle laat oorbly, kan die wilde diere vreet. So moet jy ook met jou wingerd en olyfbome maak.

¹²“In ses dae moet jy jou werk doen, maar op die sewende dag moet jy nie werk nie sodat jou beeste en donkies kan uitrust en jou werksmense en die vreemdelinge by jou 'n bietjie kan asem skep.

¹³“Sorg dat julle alles doen wat Ek julle beveel het. Julle mag die naam van ander gode nie in julle gebede noem nie. Jy mag nie eers van hulle praat nie.”

Oor die feeste en offers

(Vgl. Eks. 34:18-26; Deut. 16:1-17)

¹⁴“Drie maal per jaar moet jy tot my eer 'n fees hou.

¹⁵“Jy moet die fees van die ongesuurde brood vier. Soos Ek jou al vroeër beveel het, moet jy sewe dae ongesuurde brood eet, van dié dag in die maand Abib af waarop jy uit Egipte weggetrek het. Die volk mag nie sonder offers voor My verskyn nie.

¹⁶“Die fees van die oes moet gevier word met die eerste opbrengs van wat jy op die land saai. “Die fees van die insameling moet gevier word aan die einde van die jaar wanneer jy die vrug van jou arbeid ingesamel het op die lande.

¹⁷“Drie keer per jaar moet alle mans voor My, die Here God, verskyn.

¹⁸“Jy mag nie die bloed van die offerdier offer saam met iets wat suurdeeg in het nie. Die vet van die feesoffer wat jy vir My bring, mag nie tot die volgende oggend oorstaan nie.

¹⁹“Die beste uit die eerste opbrengs van jou lande moet jy bring na die huis van die Here jou God toe. “Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”

Die Here belowe om sy volk te help

²⁰“Ek, die Here, stuur 'n engel voor jou uit om jou op die pad te beskerm en jou na die plek toe te bring wat Ek vir jou reg gemaak het.

²¹Gee ag op die engel en luister na hom; moet jou nie teen hom verset nie. Hy sal jou nie vergewe as jy teen hom in opstand kom nie, want Ek het aan hom my volmag gegee.

²²As jy goed ag gee op hom en alles doen wat Ek sê, sal Ek die vyand van jou vyande wees en die teëstander van jou teëstanders.

²³“My engel sal voor jou uitgaan en jou bring by die Amoriete, Hetiete, Feresiete, Kanaäniete, Hewiete en Jebusiete, en dan sal Ek hulle uitwis.

²⁴Jy mag nie hulle gode aanbid of dien nie. Jy mag nie daardie nasies se gewoontes oorneem nie. Jy moet hulle klippilare afbreek en stukkend slaan.

²⁵Jy moet die Here jou God dien. Dan sal Hy jou met kos en water seën en siekte van jou af weghou.

²⁶Daar sal geen miskraam en onvrugbaarheid in jou land wees nie. Ek sal jou met 'n lang lewe seën.

²⁷Ek sal die skrik vir My voor jou uit stuur en Ek sal alle volke met wie jy in aanraking kom, in verwarring bring. Ek sal al jou vyande laat vlug.

²⁸Ek sal die Hewiete, Kanaäniete en Hetiete die skrik op die lyf jaag en hulle voor jou uit verdryf.

²⁹“Ek sal hulle egter nie dadelik voor jou uitdryf nie, sodat die land nie leeg lê en die wilde diere te veel word nie.

³⁰Ek sal hulle bietjie vir bietjie voor jou uit verdryf totdat jou mense genoeg is om die land in besit te neem.

³¹Ek sal jou grens vasstel van die Rietsee af tot by die Filistynse See en van die woestyn af tot by die Eufraatrivier. Ek sal die inwoners van hierdie land in jou mag gee, en jy moet hulle uitdryf.

³²“Jy mag nie met hulle of hulle gode 'n verdrag sluit nie.

³³Hulle mag nie in jou land bly woon nie, want dan sal hulle jou verlei om teen My te sondig deur hulle gode te dien. Dan sal hulle jou tot 'n val bring.”

Eksodus 24

Die verbond word beseël

¹Die Here het vir Moses gesê: “Klim die berg op na My toe: jy, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel. As julle nog ver is, moet julle al voor My buig.

²Dan moet jy, Moses, alleen nader kom na My toe. Die ander moenie saam met jou nader kom nie. Die volk mag ook nie saam met jou opklim nie.”

³Moses het toe al die gebooie en bepalings van die Here aan die volk gaan bekend maak. Hulle het soos een man gesê: “Ons sal alles doen wat die Here beveel het.”

⁴Toe het Moses al die gebooie van die Here neergeskryf. Vroeg die volgende oggend het hy aan die voet van die berg 'n altaar gebou van twaalf klippe, vir die twaalf stamme van Israel.

⁵Hy het toe van die jong Israeliete gestuur om bulle as brandoffers en maaltydoffers vir die Here te offer.

⁶Moses het die helfte van die bloed in bakke gehou en die ander helfte op die altaar gesprinkel.

⁷Hy het die verbondsboek geneem en dit vir die volk voorgelees. Hulle het gesê: “Ons sal alles doen wat die Here beveel het en daaraan gehoorsaam wees.”

⁸Moses het toe die bloed gevat en op die volk gesprinkel terwyl hy sê: “Dit is die bloed van die verbond wat die Here op grond van al hierdie gebooie met julle gesluit het.”

⁹Moses, Aäron, Nadab, Abihu en sewentig leiers van Israel het toe die berg uitgeklim.

¹⁰Hulle het die God van Israel gesien: onder sy voete was 'n plaveisel soos saffiersteen, so blou soos die hemel self.

¹¹God het geen hand teen die leiers van Israel gelig nie: hulle het Hom gesien en daarna het hulle geëet en gedrink.

¹²Toe sê die Here vir Moses: “Klim nou die berg verder uit na My toe en vertoef daar dat Ek vir jou die plat klippe kan gee waarop Ek die wette en gebooie neergeskryf het vir die onderrig van die volk.”

¹³Moses en sy assistent Josua is toe hoër teen die berg van God op.

¹⁴Vir die leiers het Moses gesê: “Wag hier vir ons totdat ons na julle toe terugkom. Aäron en Hur is hier by julle: as iemand 'n probleem het, kan hy na hulle toe gaan.”

¹⁵Terwyl Moses die berg uitklim, het 'n wolk dit omhul.

¹⁶Die magtige teenwoordigheid van die Here het op Sinaiberg gebly, en ses dae het die wolk die berg omhul. Op die sewende dag het die Here uit die wolk uit na Moses geroep.

¹⁷Die magtige teenwoordigheid van die Here het vir die Israeliete gelyk soos 'n gloeiende vuur op die berg.

¹⁸Moses het toe die wolk ingegaan en nog verder boontoe uitgeklim. Hy het veertig dae en nagte daar gebly.

Eksodus 25

Offergawes om 'n heiligdom op te rig

(Vgl. Eks. 35:4-9)

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete hulle moet elkeen vir My 'n offergawe bring. Julle moet die offergawes aanvaar soos dit vir My aangebied word,

³en wel die volgende: goud, silwer en brons;

⁴verder ook nog blou, pers en bloedrooi wolstof, linne, bokhaar,

⁵rooigekleurde ramsvelle, gebreide velle en doringhout;

⁶olie vir die lampe, balsem vir salfolie en vir geurige wierookoffers;

⁷oniks en ander halfedelstene waarmee die skouerkleed en borssak van die hoëpriester versier kan word.

⁸“Hulle moet vir My 'n heiligdom oprig dat Ek tussen hulle kan woon.

⁹Die tabernakel en al sy toebehore moet gemaak word presies volgens die plan wat Ek jou gewys het.”

Die ark

(Vgl. Eks. 37:1-9)

¹⁰“Julle moet 'n ark van doringhout maak: een en 'n kwart meter lank, 'n driekwart meter breed en net so hoog.

¹¹Jy moet dit binne en buite met suiwer goud oortrek en 'n goue lys rondom vassit.

¹²Verder moet jy vier goue ringe giet wat aan die onderste vier hoeke vasgesit moet word, sodat daar twee ringe aan elke kant is.

¹³Jy moet draaghoute van doringhout maak en dit met goud oortrek.

¹⁴Dan moet jy die draaghoute deur die ringe aan weerskante van die ark steek om die ark daarmee te dra.

¹⁵Die draaghoute moet in die ringe van die ark bly en mag nooit uitgehaal word nie.

¹⁶In die ark moet jy die getuienis van die verbond sit wat Ek jou sal gee.

¹⁷“Dan moet jy 'n deksel van suiwer goud maak, een en 'n kwart meter lank en 'n driekwart meter breed.

¹⁸Maak twee gerubs van geslae goud op die kante van die deksel, een links en een regs.

¹⁹Die gerubs aan weerskante van die deksel moet so gemaak word dat hulle 'n eenheid met die deksel vorm.

²⁰Hulle vlerke moet uitgesprei wees oor die deksel, sodat hulle dit bedek. Die gerubs se gesigte moet na mekaar toe wees, en hulle moet afkyk op die deksel.

²¹Jy moet die deksel bo-op die ark sit en daarbinne die getuienis wat Ek jou sal gee.

²²“Dáár sal Ek jou ontmoet. Ek sal met jou praat van die deksel af tussen die twee gerubs uit wat op die ark met die getuienis is. Al my bevele vir die Israeliete sal Ek jou van daar af gee.”

Die tafel vir die offerbrood

(Vgl. Eks. 37:10-16)

²³“Jy moet 'n tafel van doringhout maak. Sy lengte moet een meter wees, sy breedte 'n half meter en sy hoogte 'n driekwart meter.

²⁴Trek dit oor met suiwer goud en sit 'n goue lys rondom vas.

²⁵Jy moet 'n band, sewe sentimeter breed, rondom die tafel sit en daarrondom 'n goue lys vassit.

²⁶Jy moet vier goue ringe vir die tafel maak en dit aan die vier hoeke vassit, regoor die vier pote.

²⁷Die ringe moet naby die band vas kom sodat die draaghoute deur hulle gestee kan word om die tafel mee te dra.

²⁸Maak die draaghoute waarmee die tafel gedra moet word, van doringhout en trek hulle oor met goud.

²⁹“Maak vir die tafel skottels, panne, kanne en komme, alles van suiwer goud. Gebruik dit om die drankoffer mee uit te giet.

³⁰Sit offerbrood op die tafel. Dit moet altyd daar voor My in my teenwoordigheid wees.”

Die kandelaar
(Vgl. Eks. 37:17-24)

³¹“Jy moet 'n kandelaar van suiwer goud maak. Dit moet van geslae goud wees, sodat die kandelaar se voetstuk, stam, blomkelke, knoppe en kroonblare alles een geheel is.

³²Daar moet ses arms uit die stam vertak, drie aan elke kant.

³³Daar moet ook drie blomkelke, in die vorm van amandelbloeisels, met knoppe en kroonblare aan elke arm van die kandelaar wees. So moet dit wees vir al ses arms wat uit die stam van die kandelaar vertak.

³⁴Vir die hoofstam van die kandelaar moet daar vier blomkelke, in die vorm van amandelbloeisels, met knoppe en kroonblare wees.

³⁵Verder moet daar 'n knop wees onder elke paar arms van die kandelaar, drie vir die ses arms wat uit die stam van die kandelaar vertak.

³⁶Die knoppe en die arms moet alles wees uit een stuk suiwer geslae goud.

³⁷Jy moet sewe lampies maak en dit so op die kandelaar vassit dat dit lig gee na sy voorkant toe.

³⁸Die pithouers en bakkies van die kandelaar moet van suiwer goud wees.

³⁹Al hierdie voorwerpe moet uit vier en dertig kilogram suiwer goud gemaak word.

⁴⁰Sorg dat jy dit maak volgens die plan wat vir jou op die berg gewys is.”

Eksodus 26

Die tabernakel
(Vgl. Eks. 36:8-38)

- ¹“Jy moet 'n tabernakel maak. Gebruik daarvoor tien stukke materiaal: goed geweefde linne en blou, pers en bloedrooi wolstof. Jy moet gerubs daarop laat uitborduur.
- ²Elke stuk materiaal moet veertien meter lank en twee meter breed wees, almal moet presies ewe groot wees.
- ³Werk die stukke materiaal vyf-vyf aanmekaar vas.
- ⁴Jy moet dan blou lissies vaswerk aan die een kant van die een strook materiaal en so ook aan die een kant van die ander strook,
- ⁵vyftig vir die een en vyftig vir die ander. Die lissies moet presies regoor mekaar wees.
- ⁶Jy moet ook nog vyftig goue hakies maak om die twee stroke materiaal aanmekaar vas te maak sodat die tabernakel een geheel kan wees.
- ⁷“Jy moet 'n tent van bokhaarmateriaal maak om oor die tabernakel te sit. Jy moet elf stukke bokhaarmateriaal gebruik,
- ⁸en elkeen moet vyftien meter lank en twee meter breed wees. Hulle moet almal presies ewe groot wees.
- ⁹“Jy moet eers vyf stukke aanmekaar werk en dan weer die ses ander stukke. Vou die sesde stuk dubbel aan die voorkant van die tent.
- ¹⁰Jy moet vyftig lissies vaswerk aan die een kant van die een strook en so ook vyftig aan die een kant van die ander strook.
- ¹¹Jy moet vyftig bronshakies maak en die hakies deur die lissies haak om die stroke aanmekaar vas te maak sodat die tent een stuk is.
- ¹²Die deel van die een strook materiaal wat oorskiet, moet by die agterkant van die tabernakel oorhang.
- ¹³Die vyftig sentimeter wat weerskante in die lengte van die stroke oorskiet, moet dus weerskante van die sye van die tabernakel 'n oorhang wees om dit toe te maak.

- ¹⁴“Jy moet verder 'n seil van rooigekleurde ramsvelle vir die tent maak en 'n seil van gebreide vel daarbo-oor span.
- ¹⁵“Jy moet rame van doringhout maak vir die tabernakel om dit regop te hou.
- ¹⁶Elke raam moet vyf meter lank en 'n driekwart meter breed wees.
- ¹⁷Daar moet twee tappe vir elke raam wees om die rame aanmekaar te kan voeg. So moet jy al die rame vir die tabernakel maak.
- ¹⁸“Maak twintig rame vir die raamwerk aan die suidekant, die regterkant van die tabernakel.
- ¹⁹Verder moet jy veertig silwervoetstukke maak om onder die twintig rame te sit, twee voetstukke onder elke raam by sy twee tappe.
- ²⁰“Vir die ander kant van die tabernakel, die noordekant, moet daar ook twintig rame wees.
- ²¹Vir hulle moet daar ook veertig silwervoetstukke wees, twee voetstukke onder elke raam.
- ²²Jy moet ses rame maak vir die agterkant, die westekant van die tabernakel.
- ²³Jy moet ook nog twee rame maak vir die hoeke aan die agterkant van die tabernakel.
- ²⁴Hierdie rame moet van onder tot bo, tot by die boonste ring, versterk word. Hulle is die hoekrame.
- ²⁵Daar moet dus ag rame wees met hulle sestion voetstukke, twee voetstukke vir elke raam.
- ²⁶“Jy moet dwarslatte van doringhout maak, vyf vir die rame van die een kant van die tabernakel
- ²⁷en vyf vir dié van die ander kant, en ook nog vyf dwarslatte vir die agterkant, die westekant van die tabernakel.
- ²⁸Die middelste dwarslat moet in die middel van die rame dwarsdeur loop van die een kant af tot by die ander kant.

²⁹“Trek die rame met goud oor en maak vir hulle goue ringe om die dwarslatte deur te steek. Die dwarslatte moet ook met goud oorgetrek word.

³⁰Jy moet die tabernakel oprig presies volgens die plan wat op die berg vir jou gewys is.

³¹“Jy moet 'n voorhangsel maak van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne. Jy moet gerubs daarop laat uitborduur.

³²Hang dit aan vier doringhoutstyle wat met goud oorgetrek is en wat op vier silwervoetstukke staan. Daar moet goue kramme aan die style wees

³³en jy moet die voorhangsel, met hakies aan die binnekant, ophang. Sit dan die ark met die getuienis daarin, agter die voorhangsel. Die voorhangsel moet vir julle die Heilige van die Allerheiligste skei.

³⁴Jy moet die deksel op die ark met die getuienis sit, in die Allerheiligste.

³⁵“Sit die tafel voor die voorhangsel, aan die noordekant van die tabernakel, en die kandelaar aan die suidekant, regoor die tafel.

³⁶“Jy moet vir die ingang van die tent 'n afskorting maak van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne. Dit moet borduurwerk wees.

³⁷Maak vir die afskorting vyf doringhoutstyle en trek dit oor met goud. Jy moet goue kramme maak vir die style en vyf bronsvoetstukke daarvoor giet.”

Eksodus 27

Die brandofferaltaar

(Vgl. Eks. 38:1-7)

¹“Jy moet 'n altaar van doringhout maak, twee en 'n half meter in die vierkant en een en 'n half meter hoog.

²Jy moet horings maak aan sy vier hoeke en dit moet 'n eenheid met die altaar vorm. Jy moet die altaar met brons oortrek.

³Maak potte om die as te verwyder, ook skoppe, komme, vurke en vuurpanne. Jy moet al hierdie toebehore van brons maak.

⁴“Jy moet 'n bronstraliewerk om die altaar sit en 'n bronsring aan elke boonste hoek van die traliewerk vassit.

⁵Sit die traliewerk onder die rand van die altaar vas, sodat dit halfpad teen die altaar afloop.

⁶Jy moet draaghoute van doringhout vir die altaar maak en dit met brons oortrek.

⁷Die draaghoute moet deur die ringe gestee word. Die draaghoute moet weerskante van die altaar wees om dit te kan dra.

⁸Jy moet die altaar van plank maak, in die vorm van 'n kas. Maak dit presies soos dit vir jou op die berg gewys is.”

Die voorhof

(Vgl. Eks. 38:9-20)

⁹“Jy moet ook 'n voorhof vir die tabernakel maak. Aan die suidekant, die regterkant, moet daar gordyne van goed geweefde linne wees, vyftig meter breed.

¹⁰Om die gordyne te hang, moet daar twintig style met twintig bronsvoetstukke wees en ook kramme aan die style, en silwergordynstokke.

¹¹“Ook aan die noordekant moet die gordyne vyftig meter breed wees. Daar moet twintig style en twintig bronsvoetstukke wees, kramme aan die style, en silwergordynstokke.

¹²“In die breedte van die voorhof, aan die westekant, moet die gordyne vyf en twintig meter breed wees met tien style en tien voetstukke.

¹³“Die breedte van die voorhof aan die voorkant, die oostekant, moet ook vyf en twintig meter wees.

¹⁴Die gordyne aan die een kant hiervan moet sewe en 'n half meter breed wees, dit moet drie style en drie voetstukke hê,

¹⁵en aan die ander kant moet die gordyne ook sewe en 'n half meter breed wees met drie style en drie voetstukke.

¹⁶In die ingang van die voorhof moet daar 'n afskorting van tien meter wees. Dit moet van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne wees, netjiese borduurwerk. Om dit te hang, moet daar ook nog vier style en vier voetstukke wees.

¹⁷Vir die style van die voorhof moet daar heeltemal rondom silwergordynstokke wees, en ook silwerkramme en bronsvoetstukke.

¹⁸Die lengte van die voorhof moet vyftig meter wees, sy breedte vyf en twintig en sy hoogte twee en 'n half. Dit moet van goed geweefde linne wees en sy voetstukke van brons.

¹⁹“Al die toebehore van die tabernakel en al sy tentpenne, sowel as dié vir die voorhof, moet van brons wees.”

Die sorg vir die lampe

(Vgl. Lev. 24:1-4)

²⁰“Beveel die Israeliete om vir jou besonder suiwer olyfolie vir die lampe te bring sodat die lig voortdurend kan brand.

²¹In die tent van ontmoeting, net buite die voorhangsel wat voor die getuienis hang, moet Aäron en sy seuns die lampe van die aand af tot die môre toe voor My laat brand. Dit is 'n voorskrif wat vir altyd geld vir die hele Israel.”

Eksodus 28

Die priesters se klere

(Vgl. Eks. 39:1-31)

¹“Jy moet jou broer Aäron en sy seuns Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar na jou toe laat kom uit die volk Israel uit en hulle aanstel om My as priesters te dien.

²“Maak vir jou broer Aäron gewyde klere wat waardig en mooi is.

³Jy moet al die knap manne vir wie Ek met vakmanskap bedeel het, aansê om vir Aäron klere te maak sodat hy gewy kan word om 'n priester in my diens te wees.

⁴Hulle moet die volgende kledingstukke maak: 'n borssak, 'n skouerkleed, 'n mantel, geweefde priesterklere, 'n tulband en 'n serp. Dit is die gewyde klere

wat vir jou broer Aäron en sy seuns gemaak moet word sodat hulle priesters kan wees in my diens.

⁵Die vakmanne moet gouddraad en blou, pers en bloedrooi wolstof en linne gebruik

⁶om die skouerkleed te maak. Die blou, pers en bloedrooi wolstof en die goed geweefde linne moet met die gouddraad geborduur word.

⁷“Die skouerkleed moet aan die punte twee bande hê om dit oor die skouer aanmekaar vas te maak.

⁸Dit moet ook 'n gordel hê van dieselfde gehalte en daarvoor moet ook gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne gebruik word.

⁹“Vat twee oniksstene en graveer die name van die seuns van Israel

¹⁰volgens ouderdom daarop, ses op die een en ses op die ander.

¹¹Jy moet 'n bekwame vakman wat graveerwerk op seëlringe kan doen, aansê om die name van die seuns van Israel op die twee stene te graveer, en monteer dit in goud.

¹²“Werk die twee stene vas op die skouerbande van die skouerkleed dat die stene kan herinner aan die stamme van Israel. So sal Aäron hulle name op sy twee skouers dra voor My, die Here, om My aan hulle te herinner.

¹³Jy moet goue monterings maak

¹⁴en van suiwer goud ook twee kettinkies, gedraai soos tou. Sit hierdie gedraaide kettinkies aan die monterings vas.

¹⁵“Maak 'n borssak wat deur die priester gebruik word wanneer hy oor regsake moet beslis. Dit moet netjies geborduur wees soos die skouerkleed, gemaak van gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne.

¹⁶Die borssak moet dubbel gevou wees, vyf en twintig sentimeter in die vierkant.

¹⁷Jy moet hierop vier rye edelstene monteer. Die eerste ry moet bestaan uit 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag;

¹⁸die tweede uit 'n turkoois, 'n saffier en 'n jaspis;

¹⁹die derde uit 'n hiasint, 'n agaas en 'n ametis,

²⁰en die vierde uit 'n chrisoliet, 'n oniks en 'n opaas. Die hele montering moet van goud wees.

²¹Daar moet twaalf stene wees, een vir elke naam van die stamme van Israel. Die name van al twaalf stamme moet daarop gegraveer word soos op 'n seëlring.

²²Jy moet van suiwer goud vir die borssak ook kettinkies maak, gedraai soos tou.

²³“Jy moet ook nog twee goue ringe maak vir die borssak en dit vassit aan die twee boonste hoeke daarvan.

²⁴Maak die twee goue kettinkies vas aan die twee ringe wat aan die hoeke van die borssak is.

²⁵Maak dan die ander punte van die twee kettinkies vas aan die twee monterings en werk dit vas aan die voorkant van die skouerbande van die skouerkleed.

²⁶Jy moet nog twee goue ringe maak en dit vaswerk aan die onderste hoeke van die borssak, aan die agterkant, die kant waar dit teen die skouerkleed is.

²⁷Dan moet jy twee ander goue ringe maak en dit aan die twee skouerbande van die skouerkleed vassit, laag af aan die voorkant, aan die naat net bo die gordel.

²⁸Die ringe van die borssak moet met 'n blou toutjie aan die ringe van die skouerkleed vasgemaak word, net bokant die gordel van die skouerkleed, sodat die borssak nie van die skouerkleed af wegskuif nie.

²⁹Wanneer Aäron in die heiligdom ingaan, moet hy die name van die stamme van Israel op die borssak op sy bors dra om My, die Here, altyd aan hulle te herinner.

³⁰Binne-in die borssak wat deur die priester gebruik word wanneer hy oor regsake moet beslis, moet jy die urim en tummim sit. Hulle moet op Aäron se bors wees as hy ingaan na My toe. Aäron moet gedurig die borssak vir regsake met die name van die stamme van Israel daarop, op sy bors dra as hy voor My, die Here, verskyn.

³¹“Jy moet die mantel wat saam met die skouerkleed gedra word, as een stuk blou wolstof weef.

³²In sy middel moet daar 'n opening vir die kop wees, die gat moet omgeboor wees, sterk soos 'n pantserhemp, dat dit nie kan skeur nie.

³³Rondom die some moet jy granaatjies van blou, pers en bloedrooi wolstof maak met goue klokkies tussenin,

³⁴afwisselend 'n goue klokke en 'n granaatjie rondom die hele soom van die mantel.

³⁵Aäron moet dit dra as hy diens doen. Wanneer hy in die heiligdom na My toe ingaan en as hy daarvandaan uitkom, sal die geluid van die klokkies gehoor word, en dan sal hy nie sterf nie.

³⁶“Jy moet 'n blom van suiwer goud maak en daarop, soos op 'n seëlring, graveer: Aan Die Here Gewy.

³⁷“Jy moet dit met 'n blou toutjie aan die tulband vasmaak. Dit moet aan die voorkant van die tulband wees.

³⁸Dit moet op Aäron se voorkop wees as teken dat hy aanspreeklik is vir elke ontwyding van die offers deur Israel. Die blom moet gedurig op Aäron se voorkop wees as teken dat Ek, die Here, die Israëliete goedgesind is.

³⁹“Jy moet vir Aäron die priesterklere van linne weef en jy moet vir hom 'n tulband van linne en 'n geborduurde serp maak.

⁴⁰Vir elkeen van sy seuns moet jy 'n stel priesterklere en 'n serp maak. Jy moet vir hulle kopdoeke maak wat waardig en mooi is.

⁴¹“Laat jou broer Aäron en sy seuns hierdie klere aantrek. Salf hulle, wy hulle en reinig hulle om vir My as priesters diens te doen.

⁴²Jy moet vir hulle linnebroeke maak om hulle naaktheid te bedek. Die broeke moet van die heupe af tot by die bobene strek.

⁴³Aäron en sy seuns moet dit aanhê as hulle in die tent van ontmoeting ingaan of as hulle na die altaar toe kom om diens in die heiligdom te doen, want anders sal hulle 'n oortreding begaan en sterf. Dit is 'n vaste voorskrif vir hulle en ook vir dié wat ná hulle kom.”

Eksodus 29

Die wyding van Aäron en sy seuns as priesters

(Vgl. Lev. 8:1-36)

¹“Jy moet vir Aäron en sy seuns soos volg wy om My te dien as priesters: vat 'n bul en twee ramme, almal sonder liggaamsgebrek,

²brood sonder suurdeeg, ringbrood sonder suurdeeg, geknie met olie, en roosterkoeke sonder suurdeeg, met olie gesmeer. Jy moet dit van koringmeel maak.

³“Sit dit in 'n mandjie en bring die mandjie, die bul en die twee ramme na die heiligdom toe.

⁴Laat Aäron en sy seuns na die deur van die tent van ontmoeting toe kom, en was hulle met water.

⁵“Vat die klere en trek vir Aäron die priesterklere, die skouerkleed, die mantel wat saam met die skouerkleed gedra word, en die borssak aan. Maak die skouerkleed vas met die gordel.

⁶Bind die tulband om sy kop en sit die gewyde priesterkroon op die tulband.

⁷Vat olie en salf hom deur dit op sy kop uit te giet.

⁸“Net so moet jy sy seuns laat naderkom en vir hulle ook priesterklere laat aantrek.

⁹Bind die serpe om Aäron en sy seuns en bind die kopdoeke vir hulle vas. Die priesterskap moet vir hulle 'n blywende amp wees. “Jy moet vir Aäron en sy seuns soos volg wy:

¹⁰bring die bul tot voor die tent van ontmoeting. Dan moet Aäron en sy seuns hulle hande op die bul se kop sit.

¹¹Slag dan die bul by die deur van die tent van ontmoeting in my teenwoordigheid.

¹²Vat van die bul se bloed en smeer dit met jou vingers aan die horings van die altaar. Gooi dan die bloed aan die voet van die altaar uit.

¹³Vat al die vet wat oor die binnegoed is, die punt van die lewer, die twee niere en die niervet en verbrand dit op die altaar.

¹⁴Jy moet die bul se vleis, vel en pensmis buite die kamp verbrand. Dit is 'n sondeoffer.

¹⁵“Vat dan die een ram en laat Aäron en sy seuns hulle hande op sy kop sit.

¹⁶Slag die ram, vat sy bloed en sprinkel dit oral op die altaar.

¹⁷Sny die ram op in stukke, was sy binnegoed en pootjies en sit dit neer by die stukke vleis en die kop.

¹⁸Verbrand dan die hele ram op die altaar. Dit is 'n brandoffer vir My, die Here, 'n vuuroffer wat Ek met graagte aanvaar.

¹⁹“Vat die ander ram en laat Aäron en sy seuns hulle hande op sy kop sit.

²⁰Slag die ram en vat van sy bloed en smeer dit aan die regteroorlelle van Aäron en sy seuns, ook aan hulle regterduime en regtergroottone. Sprinkel dan die bloed oral op die altaar.

²¹Vat van die bloed op die altaar en van die salfolie en sprinkel dit op Aäron en sy klere, en op sy seuns en hulle klere. Dan sal hy en sy klere, en sy seuns en hulle klere gewy wees.

²²Vat die ram waarmee Aäron en sy seuns gewy word, se vet, die vetstert, die vet wat oor die binnegoed is, die punt van die lewer, die twee niertjies, die niervet en die regterboud,

²³asook 'n ringbrood, 'n oliekoek en 'n roosterkoek uit die mandjie wat jy na die heiligdom toe gebring het,

²⁴en sit dit alles op Aäron en sy seuns se hande dat hulle dit heen en weer beweeg as 'n beweegoffer vir My, die Here.

²⁵Vat dit dan uit hulle hande en verbrand dit op die altaar as 'n brandoffer, 'n vuuroffer wat Ek met graagte aanvaar.

²⁶Vat die bors van die ram wat gebruik is vir Aäron se wyding, en beweeg dit heen en weer as beweegoffer voor My. Daarna kan jy dit vir jou vat.

²⁷Die ram waarmee Aäron en sy seuns gewy is, se bors wat as beweegoffer beweeg is, en die boud wat as offergawe aangebied is, moet opsy gesit word vir Aäron en sy seuns.

²⁸Dit is 'n blywende reëling vir die Israeliete dat Aäron en sy seuns hierdie deel kry. Dit is 'n offergawe en sal altyd 'n offergawe van die Israeliete wees. Hulle offergawe vir die Here moet uit hulle maaltydoffers geneem word.

²⁹“Die gewyde klere van Aäron moet na sy dood gebruik word om sy opvolgers daarin te salf en as priesters te wy.

³⁰Aäron se seun wat hom as priester opvolg en in die tent van ontmoeting ingaan om in die heiligdom diens te doen, moet die klere sewe dae aanhou.

³¹“Wat die ram wat vir die wyding gebruik is, en kook die res van sy vleis in 'n plek wat gewy is

³²sodat Aäron en sy seuns die vleis by die deur van die tent van ontmoeting kan eet saam met die brood in die mandjie.

³³Hulle moet die offer eet waarmee vir hulle versoening gedoen is by hulle wyding en reiniging. 'n Persoon wat nie priester is nie, mag nie daarvan eet nie, want dit is gewyd.

³⁴As daar die volgende môre gewyde vleis en brood oor is, moet jy dit verbrand. Dit mag dan nie meer geëet word nie, want dit is gewyd.

³⁵Jy moet met Aäron en sy seuns doen presies soos Ek jou beveel het. Jy moet hulle sewe dae lank as priesters wy.

³⁶Elke dag moet jy 'n bul as sondeoffer offer. Jy moet die altaar deur jou versoeningsoffer reinig en dit salf om dit te wy.

³⁷Sewe dae lank moet jy 'n versoeningsoffer op die altaar bring en dit wy. Dan sal die altaar besonder gewyd wees en alles wat daaraan raak, sal ook gewyd wees.”

Die daaglikse offers

(Vgl. Num. 28:1-8)

³⁸“Jy moet die volgende op die altaar offer: elke dag twee jaaroud lammers,

³⁹een in die môre en een in die aand.

⁴⁰Saam met die eerste lam moet jy een en 'n half kilogram fynmeel offer, gemeng met een liter suiwer olie en een liter wyn.

⁴¹Die tweede lam moet jy teen die aand offer met dieselfde offer van meel, olie en wyn daarby as in die oggend. Dit moet 'n vuuroffer wees wat Ek met graagte aanvaar.

⁴²“Julle nakomelinge moet altyd 'n brandoffer vir My bring by die deur van die tent van ontmoeting. Dit is waar Ek julle sal ontmoet en met jou sal praat.

⁴³Dáár sal Ek die Israeliete ontmoet en daar sal hulle geheilig word deur my magtige teenwoordigheid.

⁴⁴Ek sal die tent van ontmoeting en die altaar heilig en ook vir Aäron en sy seuns om My as priesters te dien.

⁴⁵Ek sal tussen die Israeliete woon en hulle God wees.

⁴⁶So sal hulle besef dat Ek, die Here, hulle God is wat hulle uit Egipte bevry het om tussen hulle te woon. Ek is die Here hulle God! ”

Eksodus 30

Die wierookaltaar (Vgl. Eks. 37:25-28)

- ¹“Jy moet 'n altaar van doringhout maak om daarop wierook te brand.
- ²Dit moet 'n half meter in die vierkant wees en 'n meter hoog. Sy horings moet 'n eenheid daarmee vorm.
- ³Jy moet die bokant, die sye rondom, en die horings met suiwer goud oortrek en 'n goue lys rondom die altaar vassit.
- ⁴Jy moet twee goue ringe vir elke kant maak en dit aan weerskante teenoor mekaar, onderaan die lys vassit om die draaghoute waarmee jy die altaar moet dra, daardeur te steek.
- ⁵Jy moet die draaghoute van doringhout maak en hulle met goud oortrek.
- ⁶Sit die altaar dan neer voor die voorhangsel wat hang voor die ark met die getuienis, voor die deksel op die getuienis waar Ek jou sal ontmoet.
- ⁷Elke oggend wanneer Aäron die lampe versorg, moet hy geurige wierook op die altaar brand.
- ⁸Elke aand wanneer hy die lampe aansteek, moet hy wierook brand. Die wierookoffer moet altyd, ook deur julle nageslag, vir My, die Here, gebring word.
- ⁹“Julle mag nie ongeoorloofde wierook op die wierookaltaar brand nie, ook nie brandoffers of graanoffers nie, en nie 'n drankoffer daarop uitgiet nie.
- ¹⁰“Aäron moet een keer per jaar op die horings van die altaar versoening doen met die bloed van die sondeoffer. Ook julle nageslag moet een keer per jaar op die horings versoening doen. Die altaar is op 'n besondere manier gewy aan My, die Here.”

Die versoeningsoffer tydens 'n sensus

- ¹¹Die Here het verder vir Moses gesê:
- ¹²“Wanneer jy die Israeliete tel, moet elkeen wanneer hy getel word, 'n versoeningsoffer vir sy lewe aan My, die Here, offer. Dan sal hy nie deur 'n ramp getref word wanneer hy getel word nie.

¹³“Elkeen wat kom om getel te word, moet met silwer betaal, ses gram volgens die standaardgewig van die heiligdom. Die ses gram is 'n offergawe vir My, die Here.

¹⁴Elkeen van twintig jaar en ouer wat kom om getel te word, moet die offergawe vir My bring.

¹⁵“Die ryke moet nie meer en die arme nie minder as die offergawe van ses gram silwer vir My bring as versoeningsoffer vir sy lewe nie.

¹⁶Jy moet die versoeningsgeld by die Israëliete insamel en dit aan die priesters gee vir die diens in die tent van ontmoeting. Die versoeningsgeld sal My, die Here, laat dink aan die Israëliete en sal hulle lewens loskoop.”

Die bronswaskom

(Vgl. Eks. 38:8)

¹⁷Die Here het vir Moses gesê:

¹⁸“Jy moet 'n bronswaskom met 'n bronsvoetstuk maak om in te was. Sit dit tussen die tent van ontmoeting en die altaar neer en gooi water daarin.

¹⁹Aäron en sy seuns moet hulle hande en voete daarin was.

²⁰Voordat hulle in die tent van ontmoeting ingaan, moet hulle hulle met die water was sodat hulle nie sterf nie. Voordat hulle na die altaar toe kom vir hulle diens om 'n vuuroffer vir My, die Here, aan die brand te steek,

²¹moet hulle hulle hande en hulle voete was sodat hulle nie sterf nie. Dit is 'n blywende voorskrif vir hulle en vir hulle nageslagte.”

Die salfolie

²²Die Here het vir Moses gesê:

²³⁻²⁴“Gebruik die standaardmaat van die heiligdom en meet die volgende speserye af: vyf honderd dele vloeibare mirre, die helfte soveel geurige kaneel, twee honderd en vyftig dele geurige kalmoes, vyf honderd dele kassie, en vier liter olyfolie.

²⁵Maak daarvan gewyde salfolie, goed gemeng soos wanneer 'n vakman parfuum maak. Dit is die gewyde salfolie.

²⁶“Jy moet die tent van ontmoeting en die ark waarin die getuienis is, daarmee salf,

²⁷en verder ook nog die tafel met al sy toebehore, die kandelaar met al sy toebehore, die wierookaltaar,

²⁸die brandofferaltaar met al sy toebehore, en ook die waskom met sy voetstuk.

²⁹Jy moet dit wy en dan sal dit besonder gewyd wees. Alles wat daaraan raak, sal ook gewyd wees.

³⁰“Jy moet ook vir Aäron en sy seuns salf en hulle so wy om as priesters vir My diens te doen.

³¹Sê vir die Israëliete: Dit is die gewyde salfolie wat deur al julle geslagte heen aan My sal behoort.

³²Dit mag nie sommer op enige mens uitgegiet word nie. Hierdie mengsel mag julle vir geen ander doel gebruik nie. Dit is gewy en dit moet vir julle gewyd wees.

³³Iemand wat so 'n mengsel maak en aan 'n onbevoegde persoon gee, moet van sy volk afgesny word.”

Die wierookoffer

³⁴Die Here het verder vir Moses gesê: “Wat die volgende geurige speserye in gelyke hoeveelhede: hars, naeltjies, galbanum en suiwer wierook.

³⁵Berei dit as wierookoffer. Meng dit soos 'n vakman dit doen. Dit moet gesout wees, rein en gewyd.

³⁶Vryf dit fyn tot 'n poeier en sit daarvan neer voor die getuienis in die tent van ontmoeting waar Ek jou sal ontmoet. Die wierookoffer moet vir julle besonder gewyd wees.

³⁷Wat die wierook betref wat jy voorberei, niemand van julle mag dit volgens dieselfde voorskrif vir homself voorberei nie. Dit moet gewyd wees vir julle, aan My, die Here, gewy.

³⁸Enigiemand wat so 'n mengsel voorberei om aan te ruik, moet van sy volk afgesny word.”

Eksodus 31

Vakmanne om die tent van ontmoeting te bou

(Vgl. Eks. 35:30 -- 36:1)

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Kyk, Ek het vir Besaleël uitgekies. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda.

³Ek het hom toegerus met my Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen:

⁴ontwerpe maak en dit in goud, silwer en brons uitwerk,

⁵edelstene verwerk en monteer, en houtwerk doen. Hy sal enige werk kan doen.

⁶Ek het vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, aangestel om saam met hom te werk. Aan elke vakman het Ek vaardigheid gegee sodat hulle alles kan maak wat Ek jou beveel het:

⁷die tent van ontmoeting, die ark met die getuienis daarin en die deksel daaroor, al die toebehore van die tent,

⁸die tafel met sy toebehore, die kandelaar van suiwer goud met sy toebehore, die wierookaltaar,

⁹die brandofferaltaar met al sy toebehore, die waskom met sy voetstuk,

¹⁰die geborduurde klere wat gewy is vir die priester Aäron en sy seuns om daarin as priesters diens te doen,

¹¹die salfolie en die geurige wierook vir die heiligdom. Hulle moet alles maak net soos Ek jou beveel het.”

Die rusdag

¹²Die Here het vir Moses gesê:

¹³“Jy moet vir die Israeliete sê: Onderhou my sabbatte. Dit is van geslag tot geslag 'n teken tussen My en julle sodat julle kan besef dat Ek, die Here, julle vir My geheilig het.

¹⁴Onderhou dus die sabbat. Dit moet vir julle 'n gewyde dag wees. Hy wat dit ontwy, moet doodgemaak word. Wie op dié dag werk, moet van sy volk afgesny word.

¹⁵Ses dae kan daar gewerk word, maar die sewende dag is 'n rusdag, 'n sabbat wat gewy is aan My, die Here. Elkeen wat op die sabbatdag werk, moet doodgemaak word.

¹⁶“Die Israeliete moet die sabbat onderhou. Ook op hulle nageslag lê die verbond 'n blywende verpligting om die sabbat te onderhou.

¹⁷Dit sal vir altyd 'n teken wees tussen My en die Israeliete. In ses dae het Ek, die Here, die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Ek nie gewerk nie, maar gerus.”

¹⁸Nadat die Here op Sinaïberg met Moses gepraat het, het Hy die twee plat klippe met die getuienis daarop aan Moses gegee. Dit is die plat klippe waarop God met sy vinger geskryf het.

Eksodus 32

Die goue kalf

¹Toe die volk sien dat Moses talm en nie van die berg af kom nie, het hulle om Aäron saamgedrom en vir hom gesê: “Kom maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie man Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie.”

²Aäron het hulle geantwoord: “Haal die goue ooringe van julle vrouens, julle seuns en julle dogters se ore af en bring dit vir my.”

³Die hele volk het toe die goue ringe van hulle ore afgehaal en dit vir Aäron gebring.

⁴Hy het dit van hulle ontvang, dit verwerk en daarvan 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak. Toe sê die volk: “Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel! ”

⁵Toe Aäron dit hoor, het hy 'n altaar voor die beeld gebou en uitgeroep: “Môre is daar fees vir die Here! ”

⁶Vroeg die volgende môre het die volk brandoffers en maaltydoffers geoffer. Daarna het die volk begin feesvier en losbandig te kere gegaan.

⁷Toe sê die Here vir Moses: “Klim van die berg af, want jou volk wat jy uit Egipte laat wegtrek het, het iets vreesliks gedoen.

⁸Hulle het gou die pad verlaat wat Ek vir hulle aangewys het en hulle het vir hulle 'n beeld van 'n bulkalf gemaak. Nou aanbid hulle hom en bring vir hom offers en sê: Hier is jou God wat jou uit Egipte bevry het, Israel.”

⁹Verder het die Here vir Moses gesê: “Ek het gesien dat dit 'n opstandige volk is hierdie.

¹⁰Moet My nie probeer keer nie. Ek is toornig op my volk en Ek wil hulle vernietig. Vir jou sal Ek dan tot 'n groot nasie maak.”

¹¹Maar Moses het by die Here sy God gepleit en gesê: “Here, waarom is U toornig op u volk vir wie U deur u groot mag en met kragtige dade uit Egipte bevry het?

¹²Waarom moet die Egiptenaars kan sê: ‘Hy het die Israeliete bevry met die bose plan om hulle tussen die berge dood te maak en hulle heeltemal te vernietig’? “Laat u toorn bedaar en wees u volk genadig. Moet tog nie dié ramp oor hulle laat kom nie.

¹³Dink aan wat U met 'n eed beloof het aan u dienaars, aan Abraham, Isak en Israel toe U vir hulle gesê het: Ek sal julle nageslag so baie maak soos die sterre aan die hemel. Die hele landstreek wat Ek belowe het, sal Ek vir julle nageslag gee om vir altyd in besit te neem.”

¹⁴Toe het die Here daarvan afgesien om die ramp waarvan Hy gepraat het, oor sy volk te bring.

¹⁵Daarna het Moses omgedraai en van die berg af gegaan met die twee plat klippe waarop die getuienis was, in sy hand. Aan weerskante was daar op hulle geskryf,

¹⁶en dit was die werk van God. Dit was 'n inskripsie wat deur God op die klippe gegraveer is.

¹⁷Toe Josua die volk hoor lawaai, sê hy vir Moses: “Daar is oorlog in die kamp!”

¹⁸Maar Moses het gesê: “Dit klink nie na oorwinning nie, dit klink nie na neerlaag nie, wat ek hoor, klink na feesviering.”

¹⁹Toe Moses naby die kamp kom en die kalf en die dansery sien, het hy woedend geword en die twee plat klippe in sy hand flenters gegooi teen die voet van die berg.

²⁰Daarna vat hy die kalf wat hulle gemaak het, gooi dit in die vuur, maal dit fyn soos stof en strooi dit op die water. Toe laat hy die Israeliete die water drink.

²¹Moses het vir Aäron gesê: “Wat het hierdie volk jou aangedoen dat jy hulle hierdie groot sonde laat doen het?”

²²Maar Aäron antwoord: “U moenie kwaad wees nie. U weet self hoe sleg die volk is.

²³Hulle het vir my gesê: ‘Maak vir ons 'n god dat hy ons kan lei. Hierdie Moses het nou wel vir ons uit Egipte laat wegtrek, maar ons weet nie wat van hom geword het nie.’

²⁴Toe sê ek vir hulle: ‘Dié wat goud aan hulle het, moet dit afhaal en vir my gee.’ Ek het dit in die vuur gegooi, en hierdie bulkalf het daaruit gekom.”

²⁵Toe Moses hoor dat dit die volk is wat op loop gesit het, en dat dit Aäron is wat hulle op loop laat sit het, sodat hulle 'n spot by hulle vyande geword het,

²⁶het hy by die ingang van die kamp gaan staan en gesê: “Wie vir die Here is, kom hier na my toe!” Al die Leviëte het om hom bymekaargekom.

²⁷Moses sê toe vir hulle: “So sê die Here die God van Israel: Elkeen moet sy swaard vat, kruis en dwars deur die kamp gaan en doodmaak, ongeag of dit familie, vriende of bure is.”

²⁸Die Leviëte het gedoen wat Moses gesê het, en daardie dag is sowat drie duisend om die lewe gebring.

²⁹Toe het Moses vir die Leviëte gesê: “Vandag is julle gewy vir diens aan die Here, want julle het selfs teen seuns en broers opgetree. Om hierdie rede gee die Here vandag aan julle hierdie besondere voorreg.”

³⁰Die volgende dag het Moses vir die volk gesê: “Julle het 'n ernstige sonde gedoen, maar ek klim nou na die Here toe op en miskien kry ek by Hom vir julle vergifnis vir julle sonde.”

³¹Moses het toe na die Here toe teruggegaan en gesê: “Hierdie volk het 'n ernstige sonde gedoen deur vir hulle 'n god van goud te maak.

³²Vergewe tog hulle sonde. As dit nie kan nie, moet U my naam maar uitvee uit die boek wat U geskrywe het.”

³³Maar die Here het hom geantwoord: “Nee, Ek sal hulle wat teen My gesondig het, se name uit my boek uitvee.

³⁴Gaan lei jy nou die volk na die plek toe waarvan Ek met jou gepraat het. My engel sal voor jou uit gaan. Op die dag dat Ek rekenskap eis, sal Ek die volk straf oor hulle sonde.”

³⁵Die Here het die volk met 'n ramp getref oor die kalf wat Aäron op hulle aandrang gemaak het.

Eksodus 33

Die Here wil nie saam met sy volk trek nie

¹Toe het die Here vir Moses gesê: “Trek nou hiervandaan af weg, jy en die volk wat jy uit Egipte laat wegtrek het. Trek na die land toe wat Ek met 'n eed beloof

het aan Abraham, Isak en Jakob toe Ek gesê het: ‘Ek sal dit aan julle nageslag gee.’

²Ek sal my engel voor jou uit stuur en Ek sal die Kanaäniete, Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete verdryf.

³Julle is so 'n moedswillige volk dat Ek nie sal saamtrek na hierdie land wat oorloop van melk en heuning nie, want dan verdelg Ek julle op pad daarheen.”

⁴Toe die volk van hierdie harde uitspraak verneem, het hulle getreur en geen juwele gedra nie.

⁵Daarop het die Here vir Moses gesê: “Sê vir die Israeliete: Julle is 'n moedswillige volk. As Ek net 'n oomblikkie saam met julle trek, sal Ek julle verdelg. Sit al julle juwele weg. Ek sal later besluit wat Ek met julle gaan doen.”

⁶Vandat hulle van Horebberg af verder getrek het, het die Israeliete nie meer juwele gedra nie.

Die tent van ontmoeting

⁷Moses het 'n tent gevat en dit ver buite die kamp gaan opslaan. Hy het dit die tent van ontmoeting genoem. Elkeen wat na die wil van die Here wou vra, het na die tent van ontmoeting buite die kamp gegaan.

⁸Elke keer wanneer Moses na die tent toe uitgegaan het, het die hele volk opgestaan. Elkeen het by die ingang van sy tent bly staan en Moses agterna gekyk tot hy in die tent ingaan.

⁹Sodra hy ingaan, het die wolkkolom afgekom en by die ingang van die tent van ontmoeting gaan staan, en dan het die Here met Moses gepraat.

¹⁰Wanneer die hele volk die wolkkolom by die ingang van die tent van ontmoeting sien staan, het elkeen by die ingang van sy tent gebuig in aanbidding.

¹¹Die Here het direk met Moses gepraat soos 'n man met sy vriend. Daarna is Moses terug kamp toe, maar sy assistent, die jongman Josua seun van Nun, het nie die tent van ontmoeting verlaat nie.

¹²Op 'n keer het Moses vir die Here gesê: “Kyk, U beveel my om met hierdie volk te trek, sonder om my mee te deel vir wie U saam met my stuur. Tog het U gesê: ‘Ek ken jou op jou naam; Ek is jou goedgesind.’

¹³As U my dan goedgesind is, maak my u wil bekend, sodat ek U kan leer ken en kan doen wat U verwag. Onthou tog hierdie nasie is u volk.”

¹⁴Toe het die Here gevra: “Moet Ek self saamgaan en vir jou vrede gee? ”

¹⁵Toe het Moses vir Hom gesê: “As U nie self saamgaan nie, moet U ons nie van hier af laat wegtrek nie.

¹⁶Hoe sal die mense weet dat ek en u volk u goedgesindheid geniet as U nie saam met ons gaan nie? Dit is juis deurdag dat U met ons saamgaan dat ons, ek en u volk, anders is as al die ander volke op die aarde.”

¹⁷Die Here het vir Moses geantwoord: “Ook wat jy nou gevra het, sal Ek doen. Ek is jou goedgesind en Ek ken jou op jou naam.”

¹⁸Toe sê Moses: “Laat ek tog net u magtige verskyning sien! ”

¹⁹Maar die Here sê: “Ek sal al my voortreflikheid voor jou laat verbykom en Ek sal die Naam ‘die Here’ vir jou uitroep, want Ek betoon genade aan wie Ek genade wil betoon en Ek ontferm My oor wie Ek My wil ontferm.

²⁰Vir My kan jy nie sien nie, want geen mens kan My sien en bly lewe nie.”

²¹Die Here het verder gesê: “Maar hier by My is 'n plek waar jy op die rots kan staan.

²²As Ek in my magtige verskyning verbykom, sal Ek jou eers in 'n rotsskeur sit en jou met my hande toemaak totdat Ek verby is.

²³Dan sal Ek my hande wegvat sodat jy My van agter kan sien. Niemand mag my gesig sien nie.”

Eksodus 34

Die tien gebooe word weer opgeskryf. Verskillende ander wette

(Vgl. Deut. 10:1-5)

¹Die Here het vir Moses gesê: “Kap vir jou twee plat klippe net soos die voriges. Ek sal op die klippe die gebooie skryf wat op die voriges was wat jy stukkend gegooi het.

²Maak môreoggend klaar en klim die oggend nog Sinaiberg uit. Wag vir My daar op die top van die berg.

³“Niemand mag saam met jou opklim nie. Nêrens op die berg mag daar selfs iemand gesien word nie. Die kleinvee en beeste mag ook nie naby die berg wei nie.”

⁴Moses het toe twee plat klippe soos die voriges gekap. Nadat hy vroeg die oggend opgestaan het, het hy net soos die Here hom beveel het, Sinaiberg uitgeklim met die twee plat klippe in sy hand.

⁵Die Here het in 'n wolk afgekom en daar by Moses kom staan en die Naam “die Here” uitgeroep.

⁶Terwyl Hy by Moses verbygaan, roep die Here: “Ek, die Here, is die barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.

⁷Ek betoon my liefde aan geslagte en geslagte. Ek vergewe ongeregtigheid, oortreding en sonde, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders en kleinkinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.”

⁸Moses het toe vinnig gebuig in eerbied

⁹en gesê: “As ek u goedgesindheid geniet, Here, moet U saam met ons wegtrek. Al is die volk moedswillig, moet U ons ongeregtigheid en sonde vergewe. Laat ons tog u volk bly, u eiendom.”

¹⁰Toe het die Here gesê: “Ek sluit nou 'n verbond met julle. Voor jou hele volk gaan Ek magtige dade doen wat nog nooit tevore op die hele aarde onder enige nasie gedoen is nie. Die hele volk by wie jy is, sal sien wat Ek, die Here, doen. Wat Ek vir jou gaan doen, sal hulle met ontsag vervul.

¹¹“Wat Ek julle nou hier gaan beveel, moet julle gehoorsaam. Ek sal die Amoriëte, Kanaäniete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete voor julle uit verdryf.

¹²Moenie 'n verdrag sluit met die inwoners van die land waarheen julle gaan nie. Hulle sal julle tot 'n val bring.

¹³“Nee, vernietig hulle altare, breek hulle klippilare af en kap hulle gewyde pale stukkend.

¹⁴Julle mag nie 'n ander god vereer nie, want Ek, die Here, eis onverdeelde trou aan My. Daarom noem hulle My: ‘Die God wat onverdeelde trou eis.’

¹⁵“Julle mag nie 'n verdrag met die inwoners van die land sluit nie. Wanneer hulle onsedelikheid bedryf in die verering van hulle gode en vir hulle gode offers bring, sal die mense julle uitnoodig na hulle offermaaltye toe, en julle sal daaraan deel hê.

¹⁶Julle sal julle seuns met hulle dogters laat trou, en wanneer hulle dogters onsedelikheid bedryf in die verering van hulle gode, sal hulle julle seuns tot dieselfde soort onsedelikheid verlei.

¹⁷“Julle mag nie afgodsbeelde maak nie.

¹⁸“Julle moet die fees van die ongesuurde brood vier. Soos Ek julle beveel het, moet julle sewe dae ongesuurde brood eet, van die vasgestelde dag van die maand Abib af, want dit is die dag waarop julle uit Egipte weggetrek het.

¹⁹“Elke eersgebore seun behoort aan My; so ook al die manlike eersteling van julle beeste en skape.

²⁰Julle moet elke donkie se eerste hingsvulletjie loskoop met 'n skaap. As julle dit nie doen nie, moet julle die vul se nek breek. Alle eersgebore seuns moet ook losgekoop word. “Niemand mag sonder 'n offer voor My verskyn nie.

²¹“Ses dae moet jy werk, maar op die sewende dag moet jy rus. Of dit nou ploegtyd of oestyd is, jy moet rus.

²²“Jy moet die fees van die weke vier; dit is die fees aan die begin van die koringoes. “Dan is daar nog die fees van die insameling aan die einde van die jaar.

²³“Drie keer per jaar moet alle mans voor My, die Here, verskyn, voor My, die Here die God van Israel.

²⁴“Ek sal nasies voor jou uit verdryf en vir jou 'n land gee. Drie keer per jaar moet jy voor My, die Here jou God, verskyn. Dan sal Ek sorg dat niemand jou land begeer nie.

²⁵“As jy vir die offer slag, moet jy sorg dat die offerbloed weggehou word van iets wat suurdeeg in het. “Die paasoffer mag nie tot die volgende oggend oorstaan nie.

²⁶“Die keur van die eerste produkte van jou lande moet jy na my huis toe bring, die huis van die Here jou God. “Jy mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”

²⁷Die Here het vir Moses gesê: “Teken al hierdie gebooie op, want hierop berus my verbond met jou en Israel.”

²⁸Moses was veertig dae en nagte by die Here. In dié tyd het Moses geen kos geëet of water gedrink nie. Hy het die verbondsbepalings, die tien gebooie, op die plat klippe geskryf.

²⁹Toe hy van Sinaiberg af gaan met die twee plat klippe in sy hand, die klippe waarop die getuienis was, was hy nie daarvan bewus dat sy gesig blink geword het terwyl die Here met hom gepraat het nie.

³⁰Toe Aäron en die Israëliete opmerk dat sy gesig blink, was hulle bang om naby hom te kom.

³¹Eers toe Moses hulle nader roep, het Aäron en al die leiers van die volk na hom toe gekom, en hy het met hulle gepraat.

³²Daarna het al die Israëliete nader gekom, en hy het hulle alles beveel wat die Here vir hom op Sinaiberg gesê het.

³³Toe Moses klaar met hulle gepraat het, het hy sy gesig met 'n doek toegemaak.

³⁴Wanneer Moses na die Here toe gaan om met Hom te praat, verwyder hy die doek tot na sy terugkoms. Wanneer hy van die Here af terugkom, sê hy vir die Israeliete wat die Here hom beveel het.

³⁵Wanneer die Israeliete sy gesig sien blink, trek Moses die doek oor sy gesig totdat hy weer met die Here gaan praat.

Eksodus 35

Bepalings oor die sabbat

¹Moses het die hele gemeente van Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Dit is die gebod wat die Here julle beveel het om te gehoorsaam:

²“Ses dae moet julle julle werk doen, maar die sewende dag moet vir julle 'n gewyde dag wees. Dit is 'n rusdag tot eer van die Here. Elkeen wat op dié dag werk, moet doodgemaak word.

³Julle mag op die sabbat geen vuur in enige van julle wonings maak nie.”

Offergawes om 'n heiligdom op te rig

(Vgl. Eks. 25:1-9)

⁴Moses het ook vir die hele gemeente Israel gesê: “Dit is die opdrag van die Here:

⁵Julle moet uit julle besittings 'n offergawe vir die Here gee. Elkeen wat vrywillig 'n offergawe vir die Here wil gee, moet dit bring: goud, silwer, brons,

⁶blou, pers en bloedrooi wolstof, linne, bokhaar,

⁷rooigekleurde ramsvelle, gebreide velle of doringhout,

⁸olie vir die lampe, balsem vir salfolie en vir geurige wierook,

⁹oniks en ander edelstene waarmee die skouerkleed en borssak van die hoëpriester versier kan word.”

Die toebehore vir die tent van ontmoeting

(Vgl. Eks. 39:32-43)

¹⁰“Elke vakman onder julle moet kom help dat alles gemaak word wat die Here beveel het:

- ¹¹die tabernakel met die tent daaroor, die kramme, die rame, die dwarslatte, die style met hulle voetstukke;
- ¹²die ark met sy draaghoute, die deksel en die voorhangsel,
- ¹³die tafel met sy draaghoute en al sy toebehore en die offerbrood;
- ¹⁴die kandelaar met sy toebehore, die lampe met hulle olie,
- ¹⁵die wierookaltaar met sy draaghoute, die salfolie, die geurige wierook en die afskorting vir die deur van die tabernakel;
- ¹⁶die brandofferaltaar met al sy toebehore, sy bronstraliewerk waaraan die draaghoute vas kom, die waskom met sy voetstuk,
- ¹⁷die gordyne van die voorhof, die style met hulle voetstukke, die afskorting vir die deur van die voorhof;
- ¹⁸die penne van die tabernakel, die penne van die voorhof met hulle toue;
- ¹⁹die geborduurde klere om in die heiligdom mee te dien, die gewyde klere vir die priester Aäron en vir sy seuns om daarin as priesters diens te doen.”
- ²⁰Daarna het die hele gemeente weggegaan van Moses af,
- ²¹en elkeen wat daarna gevoel het, het vrywillig 'n offergawe vir die Here gebring vir die werk aan die tent van ontmoeting, vir al die ander dienste en vir die gewyde klere.
- ²²Manne en vroue het gekom en vrywillig borsspelde, oorbelle en ringe, halssnoere en allerhande goue voorwerpe gebring. Almal wat tevore goud as spesiale bydrae aan die Here belowe het, het dit gebring.
- ²³Elkeen wat blou, pers en bloedrooi wolstof, linne, bokhaar, rooigekleurde ramsvelle en gebreide velle besit het, het dit gebring.
- ²⁴Elkeen wat 'n bydrae in silwer en brons wou maak, het dit as offergawe vir die Here gebring. Elkeen wat doringhout gehad het, geskik vir allerhande soorte houtwerk, het dit gebring.

²⁵Elke vrou wat netjies kon weef, het gebring wat sy geweef het: blou, pers en bloedrooi wolstof en linne.

²⁶Elke begaafde vrou wat graag wou, het die bokhaar gespin.

²⁷Al die leiers het oniks en ander edelstene gebring om dit op die skouerkleed en op die borssak te monteer;

²⁸ook speserye en olie vir die lampe, vir die salfolie en vir die geurige wierook.

²⁹Elke Israelitiese man en vrou wat vrywillig iets wou bring vir die werk wat die Here vir Moses beveel het om te doen, het dit vir die Here gebring.

Die vakmanne om die tent van ontmoeting te bou

(Vgl. Eks. 31:1-11)

³⁰Moses het vir die Israeliete gesê: “Ky, die Here het vir Besaleël uitgekies vir die werk. Hy is 'n seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda.

³¹Die Here het hom toegerus met sy Gees sodat hy met vaardigheid, insig en verstand enige werk kan doen:

³²ontwerpe maak en dit in goud, silwer en brons uitwerk,

³³edelstene verwerk en monteer, en houtwerk doen. Hy sal enige werk kan doen.

³⁴Die Here het vir hom en vir Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, die begaafdheid gegee om ander as vakmanne op te lei.

³⁵Die Here het aan hulle die vaardigheid gegee om al die werk van 'n vakman te verrig: om te ontwerp, om blou, pers en bloedrooi wolstof en linne te borduur, en om te weef. Hierdie manne kan enige werk doen en ontwerpe maak.

Eksodus 36

¹“Besaleël, Oholiab en al die ander vakmanne vir wie die Here die vaardigheid en verstand gegee het om te weet hoe om al die werk aan die heiligdom uit te voer, moet die werk doen soos die Here beveel het.”

Die volk gee meer as wat nodig is

²Moses het toe vir Besaleël en Oholiab geroep en al die ander vakmanne vir wie die Here die vaardigheid gegee het, almal wat aangebied het om die werk te doen.

³Hulle het van Moses al die offergawes ontvang wat deur die Israeliete gebring is om die heiligdom op te rig. Die volk het elke oggend nog vrywillige offers na Moses toe gebring.

⁴Toe het al die vakmanne wat die werk aan die heiligdom moes doen, elkeen van sy afdeling van die werk af,

⁵vir Moses kom sê: “Die volk bring meer as wat nodig is om die werk te doen wat die Here beveel het.”

⁶Toe het Moses in die kamp rond laat weet dat die mense nie meer iets as offergawe vir die heiligdom moet gee nie, en eers toe het die volk opgehou bring.

⁷Daar was meer as genoeg om al die werk te doen, daar was selfs nog oor.

Die tabernakel

(Vgl. Eks. 26:1-37)

⁸Die begaafde vakmanne het met die werk aan die tabernakel begin. Hulle het tien stukke materiaal van goed geweefde linne en blou, pers en bloedrooi wolstof gebruik en gerubs daarop uitgeborduur.

⁹Die lengte van elke stuk materiaal was veertien meter en die breedte twee meter, almal was presies ewe groot.

¹⁰Die stukke materiaal is vyf-vyf aanmekaar gewerk.

¹¹Daar is toe blou lissies vasgewerk aan die een kant van die een strook materiaal en so ook aan die een kant van die ander strook,

¹²vyftig vir die een en vyftig vir die ander strook. Die lissies was presies reg teenoor mekaar.

¹³Hulle het vyftig goue hakies gemaak om die twee stelle doeke aanmekaar te hou sodat die tabernakel een geheel kon wees.

- ¹⁴Daar is 'n tent van bokhaarmateriaal gemaak om oor die tabernakel te sit. Elf stukke bokhaarmateriaal is gebruik
- ¹⁵en elke stuk materiaal was vyftien meter lank en twee meter breed. Die elf stukke was almal presies ewe groot.
- ¹⁶Hulle het eers vyf stukke aanmekaar gewerk en toe die ses ander stukke.
- ¹⁷Hulle het daarna vyftig lissies gemaak vir die een kant van die een strook en so ook vyftig vir die een kant van die ander strook.
- ¹⁸Hulle het vyftig bronshakies gemaak om die tent aanmekaar te hou sodat dit een geheel kon wees.
- ¹⁹Hulle het verder ook 'n seil van rooigekleurde ramsvelle gemaak en 'n seil van gebreide vel daarbo-oor gespan.
- ²⁰Hulle het rame van doringhout vir die tabernakel gemaak om dit regop te hou.
- ²¹Elke raam was vyf meter lank en 'n driekwart meter breed.
- ²²Daar was twee tappe vir elke raam om die rame aanmekaar te voeg. Al die rame vir die tabernakel is so gemaak.
- ²³Hulle het twintig rame gebruik vir die raamwerk aan die suidekant, die regterkant van die tabernakel.
- ²⁴Die mense het verder ook veertig silwervoetstukke gemaak en onder die twintig rame gesit, twee voetstukke onder elke raam, een by elke tap. Onder elke raam was dus twee voetstukke, by sy twee tappe.
- ²⁵Vir die ander kant van die tabernakel, die noordekant, het hulle ook twintig rame gemaak.
- ²⁶Vir hulle was daar veertig silwervoetstukke, twee voetstukke vir elke raam.
- ²⁷Hulle het vir die agterkant, die westekant van die tabernakel, ses rame gemaak.

²⁸Hulle het verder nog twee rame gemaak vir die hoeke aan die agterkant van die tabernakel.

²⁹Hierdie rame was versterk van onder tot bo, tot by die boonste ring. Dit was die hoekrame.

³⁰Daar was dus ag rame met hulle sestien silwervoetstukke, twee voetstukke vir elke raam.

³¹Hulle het dwarslatte van doringhout gemaak, vyf vir die rame van die een kant van die tabernakel

³²en vyf vir dié van die ander kant, en ook nog vyf dwarslatte vir die agterkant, die westekant van die tabernakel.

³³Daar was 'n middelste dwarslat wat in die middel van die rame dwarsdeur geloop het van die een kant af tot by die ander kant.

³⁴Die rame is met goud oorgetrek en vir hulle is goue ringe gemaak om die dwarslatte deur te steek. Die dwarslatte is ook met goud oorgetrek.

³⁵Hulle het 'n voorhangsel gemaak van goed geweefde linne en van blou, pers en bloedrooi wolstof. Gerubs is daarop uitgeborduur.

³⁶Hulle het toe, om die voorhangsel op te hang, vier doringhoutstyle gemaak en dit met goud oorgetrek. Daar was goue kramme aan die style, en hulle het ook vier silwervoetstukke daarvoor gegiet.

³⁷Hulle het 'n afskorting vir die deur van die tent gemaak van goed geweefde linne en van blou, pers en bloedrooi wolstof. Dit was borduurwerk.

³⁸Vir hierdie afskorting het hulle vyf style gemaak met kramme daaraan. Die bokante van die style was met goud oorgetrek, so ook die gordynstokke. Die vyf voetstukke was van brons.

Eksodus 37

Die ark

(Vgl. Eks. 25:10-22)

¹Besaleël het die ark van doringhout gemaak: een en 'n kwart meter lank, 'n driekwart meter breed en net so hoog.

²Hy het dit binne en buite met suiwer goud oorgetrek en 'n goue lys rondom vasgesit.

³Hy het vier goue ringe gegiet wat aan die onderste vier hoeke vasgesit is, sodat daar twee ringe aan elke kant was.

⁴Hy het draaghoute van doringhout gemaak en dit met goud oorgetrek.

⁵Die draaghoute is deur die ringe aan weerskante van die ark gestee om die ark daarmee te dra.

⁶Daarna het hy die deksel van suiwer goud gemaak, een en 'n kwart meter lank en 'n driekwart meter breed.

⁷Hy het twee gerubs van geslae goud gemaak, een links en een regs op die deksel.

⁸Hy het die gerubs aan weerskante van die deksel so gemaak dat hulle 'n eenheid met die deksel gevorm het.

⁹Hulle vlerke was uitgesprei oor die deksel, sodat hulle dit bedek het. Die gerubs se gesigte was na mekaar toe en hulle het afgekyk op die deksel.

Die tafel vir die offerbrood

(Vgl. Eks. 25:23-30)

¹⁰Besaleël het 'n tafel van doringhout gemaak. Sy lengte was een meter, sy breedte 'n half meter en sy hoogte 'n driekwart meter.

¹¹Hy het dit met suiwer goud oorgetrek en 'n goue lys rondom vasgesit.

¹²Hy het 'n band, sewe sentimeter breed, rondom die tafel gesit en daarrondom 'n goue lys vasgesit.

¹³Hy het vier goue ringe vir die tafel gegiet en dit aan die vier hoeke vasgesit, regoor die vier pote.

¹⁴Die ringe was naby die band sodat die draaghoute deur hulle gestee kon word om die tafel mee te dra.

¹⁵Hy het die draaghoute waarmee die tafel gedra moes word, van doringhout gemaak en hulle met goud oorgetrek.

¹⁶Hy het die toebehore vir die tafel van suiwer goud gemaak: skottels, panne, kanne en komme om die drankoffer mee uit te giet.

Die kandelaar
(Vgl. Eks. 25:31-40)

¹⁷Hy het ook 'n kandelaar van suiwer goud gemaak. Die kandelaar se voetstuk, stam, blomkelke, knoppe en kroonblare is van geslae goud gemaak sodat dit alles een geheel was.

¹⁸Daar was ses arms aan die stam, drie aan elke kant.

¹⁹Daar was drie blomkelke in die vorm van amandelbloeisels, met knoppe en kroonblare aan elke arm van die kandelaar. So was dit vir die ses arms wat uit die stam van die kandelaar vertak.

²⁰Vir die kandelaar se hoofstam was daar vier blomkelke in die vorm van amandelbloeisels, met knoppe en kroonblare.

²¹Onder elke paar arms van die kandelaar was daar 'n knop.

²²Die knoppe en die arms was alles een stuk, een stuk suiwer geslae goud.

²³Besaleël het sewe lampies gemaak vir die kandelaar. Die pithouers en bakkies van die kandelaar is van suiwer goud gemaak.

²⁴Al hierdie voorwerpe is uit vier en dertig kilogram suiwer goud gemaak.

Die wierookaltaar
(Vgl. Eks. 30:1-5)

²⁵Besaleël het 'n wierookaltaar van doringhout gemaak. Dit was 'n half meter in die vierkant en een meter hoog. Die altaar en sy horings was 'n eenheid.

²⁶Hy het die bokant, die sye rondom en die horings met suiwer goud oorgetrek. Besaleël het 'n goue lys rondom die altaar vasgesit.

²⁷Verder het hy twee goue ringe vir elke kant gemaak en dit aan weerskante, teenoor mekaar, onderaan die lys vasgesit om die draaghoute waarmee die altaar gedra moes word, daardeur te steek.

²⁸Hy het die draaghoute van doringhout gemaak en hulle met goud oorgetrek.

²⁹Hy het ook die gewyde salfolie en die geurige, rein wierook gemeng soos 'n bekwame vakman dit doen.

Eksodus 38

Die brandofferaltaar

(Vgl. Eks. 27:1-8)

¹Besaleël het 'n brandofferaltaar van doringhout gemaak, twee en 'n half meter in die vierkant en een en 'n half meter hoog.

²Aan die vier hoeke het hy horings gemaak en dit het 'n eenheid met die altaar gevorm. Hy het die altaar met brons oorgetrek.

³Hy het al die gereedskap vir die altaar van brons gemaak: potte, skoppe, komme, vurke en vuurpanne.

⁴Hy het 'n bronstraliewerk om die altaar gemaak en dit onder die rand van die altaar vasgesit, sodat dit halfpad teen die altaar afloop.

⁵Hy het vier ringe gegiet vir die vier kante van die bronsrooster om die draaghoute deur hulle te steek.

⁶Hy het draaghoute van doringhout gemaak en met brons oorgetrek.

⁷Die draaghoute is deur die ringe gestee aan weerskante van die altaar om dit mee te dra. Die altaar is van plank gemaak, in die vorm van 'n kas.

Die bronswaskom

(Vgl. Eks. 30:17)

⁸Besaleël het 'n bronswaskom met 'n bronsvoetstuk gemaak van bronsspieëls wat gekom het van die vroue wat by die deur van die tent van ontmoeting werk.

Die voorhof

(Vgl. Eks. 27:9-19)

⁹Hy het ook 'n voorhof gemaak. Aan die suidekant, die regterkant daarvan, was gordyne van goed geweefde linne, vyftig meter breed.

¹⁰Om die gordyne te hang, was daar twintig style met twintig bronsvoetstukke, en ook kramme aan die style, en silwergordynstokke.

- ¹¹Ook aan die noordekant was daar gordyne, vyftig meter breed, twintig style met kramme, en silwergordynstokke en twintig bronsvoetstukke.
- ¹²Aan die westekant was daar ook gordyne, vyf en twintig meter breed, tien style met kramme, en silwergordynstokke, en tien voetstukke.
- ¹³Die voorkant, die oostekant, was vyf en twintig meter breed en
- ¹⁴die gordyne was elkeen sewe en 'n half meter breed met drie style en drie voetstukke.
- ¹⁵Aan weerskante van die deur van die voorhof was die gordyne sewe en 'n half meter breed, met drie style en drie voetstukke.
- ¹⁶Al die gordyne rondom die voorhof was van goed geweefde linne.
- ¹⁷Die voetstukke vir die style was van brons, hulle kramme en gordynstokke van silwer. Hulle kopstukke was met silwer oorgetrek. Al die style van die voorhof het silwergordynstokke gehad.
- ¹⁸Die afskorting in die ingang van die voorhof was tien meter breed en net soos die gordyne van die voorhof was dit twee en 'n half meter hoog. Dit was van blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne, netjiese borduurwerk.
- ¹⁹Daar was ook nog vier style met bronsvoetstukke, en silwerkramme. Die style se kopstukke was met silwer oorgetrek, en die gordynstokke was van silwer.
- ²⁰Al die penne rondom die tabernakel en rondom die voorhof was van brons.

Die gebruikte materiaal

- ²¹Hier volg die hoeveelhede van die materiaal wat gebruik is om die tabernakel waarin die getuienis was, op te rig. Dit is in opdrag van Moses bereken deur die Leviete wat gewerk het onder leiding van Itamar seun van die priester Aäron.
- ²²Onder leiding van Besaleël seun van Uri, seun van Gur uit die stam Juda, is alles gedoen wat die Here vir Moses beveel het.

²³Oholiab, seun van Agisamak uit die stam Dan, het hom gehelp. Oholiab was 'n vakman en 'n ontwerper en 'n wewer van blou, pers en bloedrooi wolstof en van linne.

²⁴Die hoeveelheid goud wat uit die spesiale bydrae ingekom het, en wat gebruik is vir al die werk aan die heiligdom, bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom, was duisend en twee kilogram.

²⁵Die silwer afkomstig van die volk wat vroeër getel is, bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom, was drie duisend vier honderd sewe en veertig kilogram.

²⁶Volgens die standaardgewig van die heiligdom is dit ongeveer ses gram per kop vir elkeen van twintig jaar en ouer wat vroeër getel is: daar was toe ses honderd en drie duisend vyf honderd en vyftig man.

²⁷Daar is drie duisend vier honderd sewe en twintig kilogram silwer gebruik vir die giet van die voetstukke vir die style van die heiligdom en sy afskortings. Uit die drie duisend vier honderd sewe en twintig kilogram is honderd voetstukke gegiet, vier en dertig en 'n kwart kilogram per voetstuk.

²⁸Daar is twintig kilogram silwer gebruik vir die kramme en gordynstokke van die style, asook vir die oortrek van die kopstukke.

²⁹Die brons wat deur die spesiale bydrae ingebring is, was twee duisend vier honderd ses en twintig kilogram.

³⁰Hiervan is gemaak die voetstukke vir die style van die deur van die tent van ontmoeting, die bronsaltaar met sy bronstraliewerk, al die gereedskap van die altaar,

³¹die voetstukke rondom die voorhof, die voetstukke van die ingang van die voorhof, al die penne van die tabernakel en al die penne rondom die voorhof.

Eksodus 39

Die priesters se klere

(Vgl. Eks. 28:1-31)

¹Van die blou, pers en bloedrooi wolstof het Besaleël en sy helpers die geborduurde klere gemaak wat in die diens van die heiligdom gebruik is. Soos die Here vir Moses beveel het, het hulle vir Aäron ampsklere gemaak en dit gewy.

²Die skouerkleed is gemaak van gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne.

³Hulle het bladgoud gemaak en dit in drade opgesny en ingeborduur in die blou, die pers en die bloedrooi wolstof en in die goed geweefde linne. Dit was die werk van 'n vakman.

⁴Hulle het vir die skouerkleed twee bande gemaak om dit aan die punte oor die skouer aanmekaar vas te maak.

⁵Die gordel wat oor die skouerkleed gekom het, was van dieselfde gehalte en daarvoor het hulle ook gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne gebruik, soos die Here vir Moses beveel het.

⁶Hulle het oniks verwerk en gemonteer in goud. Die name van die seuns van Israel is daarop gegraveer, soos 'n vakman dit op 'n seëling doen.

⁷Die stene is op die skouerbande van die skouerkleed vasgewerk sodat die stene kan herinner aan die stamme van Israel. Dit alles is gedoen soos die Here vir Moses beveel het.

⁸Hulle het ook 'n borssak uitgeborduur soos die skouerkleed, die werk van 'n vakman, gemaak van gouddraad, blou, pers en bloedrooi wolstof en goed geweefde linne.

⁹Die borssak is dubbel gevou, vyf en twintig sentimeter in die vierkant.

¹⁰Hierop het hulle vier rye edelstene gemonteer. Die eerste ry het bestaan uit 'n karneool, 'n topaas en 'n smarag;

¹¹die tweede uit 'n turkoois, 'n saffier en 'n jaspis;

¹²die derde uit 'n hiasint, 'n agaas en 'n ametis,

¹³en die vierde uit 'n chrisoliet, 'n oniks en 'n opaal. Die hele montering was van goud.

¹⁴Daar was twaalf stene, een vir elke naam van die twaalf stamme van Israel. Die name van al twaalf stamme is daarop gegraveer soos op 'n seëlring.

¹⁵Hulle het toe van suiwer goud vir die borssak kettinkies gemaak, gedraai soos tou.

¹⁶Hulle het ook twee goue monterings en twee goue ringe gemaak. Die twee ringe is agter aan die twee boonste hoeke van die borssak vasgewerk

¹⁷en aan elkeen van hierdie ringe aan die hoeke van die borssak is 'n goue kettinkie vasgemaak.

¹⁸Die ander twee punte van die kettinkies is aan die twee monterings aan die voorkant van die skouerbande van die skouerkleed vasgemaak.

¹⁹Hulle het nog twee goue ringe gemaak en dit vasgewerk aan die onderste hoeke van die borssak, aan die agterkant waar dit teen die skouerkleed is.

²⁰Hulle het nog twee ander goue ringe gemaak en dit aan die twee skouerbande van die skouerkleed vasgesit, laag af aan die voorkant, aan die naat net bo die gordel.

²¹Die ringe van die borssak is met 'n blou toutjie aan die ringe van die skouerkleed vasgemaak, net bokant die gordel van die skouerkleed, sodat die borssak nie van die skouerkleed af wegskuif nie. Dit alles is gedoen volgens die voorskrif van die Here aan Moses.

²²Die mantel wat saam met die skouerkleed gedra word, is as een stuk blou wolstof geweef.

²³In sy middel was daar 'n opening omgeboor, sterk soos 'n pantserhemp dat dit nie kan skeur nie.

²⁴Vir die some van die mantel het hulle granaatjies gemaak van goed geweefde blou, pers en bloedrooi wolstof.

²⁵Dan het hulle ook klokkies van suiwer goud gemaak en die klokkies tussen die granaatjies rondom die hele soom van die mantel vasgewerk,

²⁶een klokke tussen elke twee granaatjies. Die mantel was vir diens bestem soos die Here dit vir Moses beveel het.

²⁷Hulle het ook priesterklere van linne geweef vir Aäron en sy seuns,

²⁸asook 'n tulband en mooi kopdoeke van linne, en linnebroeke van goed geweefde linne.

²⁹Hulle het ook 'n serp gemaak van goed geweefde linne, blou, pers en bloedrooi wolstof. Dit was weefwerk, soos die Here vir Moses beveel het.

³⁰Hulle het 'n blom van suiwer goud vir die gewyde tulband gemaak en daarop, soos op 'n seëling, gegraveer: Aan Die Here Gewy.

³¹Dit is met 'n blou toutjie aan die voorkant van die tulband vasgemaak, soos die Here vir Moses beveel het.

Die tabernakel en sy toebehore is voltooi

(Vgl. Eks. 35:10-19)

³²Uiteindelik was al die werk vir die tabernakel, die tent van ontmoeting, klaar. Die Israeliete het alles gemaak presies net soos die Here vir Moses beveel het.

³³Hulle het die tabernakel, die tent met al sy toebehore, na Moses toe gebring: die kramme, die rame, die dwarslatte, die style met hulle voetstukke;

³⁴die seil van rooigekleurde ramsvel, die seil van gebreide vel, die voorhangsel,

³⁵die ark met die getuienis, die draaghoute, die deksel,

³⁶die tafel met sy draaghoute en al sy toebehore, die offerbrood;

³⁷die gewyde kandelaar met sy ry lampe en toebehore en olie vir die lampe,

³⁸die goue altaar, die salfolie, die geurige wierook en die afskorting vir die tentdeur;

³⁹die bronsaltaar met al sy toebehore, die bronstraliewerk waaraan die draaghoute vas was, die waskom met sy voetstuk,

⁴⁰die gordyne van die voorhof, hulle style met hulle voetstukke, die afskorting vir die deur van die voorhof met sy toue en penne, en al die ander toebehore vir die diens in die tabernakel, die tent van ontmoeting;

⁴¹die geborduurde klere om in die heiligdom mee te dien, die gewyde klere vir die priester Aäron en vir sy seuns om daarin as priesters diens te doen.

⁴²Die Israeliete het alles gemaak net soos die Here vir Moses beveel het.

⁴³Moses het al die werk geïnspekteer en gesien dat dit gemaak is soos die Here beveel het. Toe het Moses die vakmanne gelukgewens en bedank.

Eksodus 40

Die tabernakel word opgeslaan en gewy

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Op die eerste dag van die eerste maand moet jy die tabernakel, die tent van ontmoeting, opslaan.

³Jy moet die ark met die getuienis neersit in die tent en die ark afskort met die voorhangsel.

⁴“Dan moet jy die tafel inbring en sy toebehore daarop regsit. Jy moet ook die kandelaar inbring en sy lampe opsteek.

⁵Die goue wierookaltaar moet jy neersit voor die ark met die getuienis en dan die voorhangsel in die deur van die tabernakel hang.

⁶Jy moet die brandofferaltaar neersit voor die ingang van die tabernakel, die tent van ontmoeting.

⁷Die waskom moet jy neersit tussen die tent van ontmoeting en die altaar, en jy moet water daarin gooi.

⁸Jy moet die voorhof opslaan en die afskorting in die ingang van die voorhof hang.

⁹Vat dan salfolie en salf die tabernakel en alles wat daarin is. Wy die tabernakel en al die toebehore. Dan sal dit gewyd wees.

- ¹⁰“Salf die brandofferaltaar en al sy toebehore. Jy moet die altaar ook wy: dit moet 'n gewyde altaar wees.
- ¹¹“Salf die waskom en sy voetstuk en wy dit ook.
- ¹²“Laat Aäron en sy seuns na die deur van die tent van ontmoeting toe kom en was hulle met water.
- ¹³Laat Aäron dan die gewyde klere aantrek; salf en wy hom sodat hy vir My as priester kan diens doen.
- ¹⁴Laat sy seuns ook naderkom en laat hulle ook hulle priesterklere aantrek.
- ¹⁵Jy moet hulle salf soos jy hulle pa gesalf het sodat ook hulle vir My as priesters kan diens doen. Hulle salwing dui aan dat hulle en hulle nageslag vir altyd as priesters sal moet diens doen.”
- ¹⁶Moses het alles gedoen presies net soos die Here hom beveel het.
- ¹⁷Op die eerste dag van die eerste maand van die tweede jaar na die uittog is die tabernakel opgerig.
- ¹⁸Moses het dit soos volg gedoen: hy het die voetstukke neergesit, die rame regop gesit, die dwarslatte vasgesit en die style regop gesit.
- ¹⁹Hy het die tent oor die tabernakel gesit en die seil daarbo-oor gespan, soos die Here hom beveel het.
- ²⁰Hy het die getuienis gevat en dit in die ark gesit. Hy het die draaghoute van die ark ingestee en die deksel bo-op die ark neergesit.
- ²¹Daarna het hy die ark in die tabernakel gebring en die voorhangsel opgehang om die ark met die getuienis af te skort, soos die Here hom beveel het.
- ²²Hy het die tafel in die tent van ontmoeting neergesit, aan die noordekant van die tabernakel, buite die voorhangsel.
- ²³Hy het offerbrood daarop neergesit voor die Here, soos die Here hom beveel het.

²⁴Hy het die kandelaar in die tent van ontmoeting neergesit, regoor die tafel, aan die suidekant van die tabernakel.

²⁵Toe het hy die lampe opgesteek voor die Here, soos die Here hom beveel het.

²⁶Hy het die goue altaar in die tent van ontmoeting neergesit, voor die voorhangsel.

²⁷Toe het hy geurige wierook daarop aan die brand gestee, soos die Here hom beveel het.

²⁸Hy het 'n afskorting in die deur van die tabernakel gehang.

²⁹Hy het die brandofferaltaar neergesit by die deur van die tabernakel, die tent van ontmoeting, en daarop brandoffers en graanoffers aan die brand gestee, soos die Here hom beveel het.

³⁰Hy het die waskom neergesit tussen die tent van ontmoeting en die brandofferaltaar, en waswater daarin gegooi.

³¹Moses, Aäron en sy seuns het hulle hande en voete daarin gewas.

³²Elke keer as hulle by die tent van ontmoeting kom en na die altaar toe gaan, het hulle eers gewas, soos die Here vir Moses beveel het.

³³Daarna het hy die voorhof rondom die tabernakel en die altaar opgerig en die afskorting voor die ingang van die voorhof gehang. So het Moses sy werk afgehandel.

Die magtige teenwoordigheid van die Here vul die tabernakel

³⁴'n Wolk het die tent van ontmoeting oordek, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul.

³⁵Moses kon nie in die tent van ontmoeting inkom nie: die wolk was daarin, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tabernakel gevul.

³⁶Later het dit so gegaan: wanneer die wolk van die tabernakel af voor die Israeliete uit wegtrek, het hulle agter die wolk aan versit.

³⁷As die wolk nie weggetrek het nie, het hulle daar gebly totdat dit wel weggetrek het.

³⁸Die wolk van die Here was bedags 'n wolk oor die tabernakel en snags het dit 'n vuur daarbo-oor geword. So het die hele Israel dit ervaar elke keer as hulle versit.

Levitikus

Levitikus 1

Die brandoffer

- ¹Die Here het vir Moses geroep en uit die tent van ontmoeting vir hom gesê:
- ²“Praat met die Israeliete en sê vir hulle: Wanneer een van julle vir die Here 'n offer wil aanbied, kan hy dit aanbied uit sy beeste of uit sy kleinvee.
- ³“As dit 'n brandoffer uit die beeste is, bied die man 'n bul aan sonder liggaamsgebrek. Hy bied dit aan by die ingang van die tent van ontmoeting sodat dit vir die Here aanneemlik sal wees.
- ⁴Daarna sit hy sy hand op die offerdier se kop sodat dit aanvaar sal word as versoening vir hom.
- ⁵Dan slag hy die bul daar in die teenwoordigheid van die Here, en die Aäronitiese priesters bring die bloed en sprinkel dit rondom teen die altaar by die ingang van die tent van ontmoeting.
- ⁶Die man slag die offerdier af en sny dit in stukke op.
- ⁷Die Aäronitiese priesters maak dan vuur op die altaar en sit hout op die vuur.
- ⁸Dan sit hulle die stukke vleis, die kop en die niervet op die hout op die altaarvuur.
- ⁹Die man was die binnegoed en die pote af, en 'n priester verbrand alles op die altaar. Dit is die brandoffer, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.
- ¹⁰“As dit 'n offer uit die kleinvee is, 'n brandoffer uit die skape of bokke, bied die man 'n ram aan sonder liggaamsgebrek.
- ¹¹Hy slag die dier daar in die teenwoordigheid van die Here, aan die noordekant van die altaar, en die Aäronitiese priesters sprinkel die bloed rondom teen die altaar.
- ¹²Dan sny die man die offerdier in stukke op, en die priesters sit die stukke vleis, die kop en die niervet op die hout op die altaarvuur.

¹³Die man was die binnegoed en die pote af, en die priester bring alles op die altaar en verbrand dit. Dit is die brandoffer, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

¹⁴“As dit 'n brandoffer van voëls is wat iemand vir die Here wil offer, bied hy 'n tortelduif of 'n ander duif aan.

¹⁵Die priester bring dit op die altaar, knyp die kop af en verbrand dit op die altaar. Die bloed word eers teen die kante van die altaar uitgedruk;

¹⁶dan verwyder die priester die krop en die vere en gooi dit langs die altaar aan die oostekant op die plek vir die as,

¹⁷en nadat hy die duif tussen die vlerke oopgeskeur het sonder om dit heeltemal middeldeer te skeur, verbrand hy dit in die vuur op die altaar. Dit is die brandoffer, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.”

Levitikus 2

Die graanoffer

¹“Wanneer iemand vir die Here 'n graanoffer wil aanbied, kan hy meel aanbied. Hy gooi daar olie oor en sit wierook bo-op.

²Dan bring hy dit na die Aäronitiese priesters toe, vat 'n handvol van die meel en die olie, en al die wierook, en die priester verbrand dit op die altaar as simbool van die hele offer. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

³Die oorblywende deel van die graanoffer is vir Aäron en sy seuns. Dit is 'n besondere gewyde gawe, 'n deel van die vuuroffer wat vir die Here gebring is.

⁴“Wanneer jy 'n graanoffer uit die oond aanbied, moet dit van fynmeel wees. Dit kan ongesuurde ringbrood wees, met olie geknie, of ongesuurde roosterkoek, met olie gesmeer.

⁵As jou graanoffer op 'n bakplaat gebak word, moet dit van fynmeel wees, geknie met olie en sonder suurdeeg.

⁶Jy breek dit in stukke en gooi olie daaroor. Dit is die graanoffer.

⁷As jou graanoffer in 'n bakpan gebak word, maak jy die fynmeel met olie aan.

⁸“Jy bring dan die graanoffer wat jy op een van dié maniere vir die Here klaargemaak het, na die priester toe, en hy bring dit na die altaar toe.

⁹Die priester vat die deel wat as simbool vir die hele offer dien en verbrand dit op die altaar. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

¹⁰Die oorblywende deel van die graanoffer is vir Aäron en sy seuns. Dit is 'n besondere gewyde gawe, 'n deel van die vuuroffer wat vir die Here gebring is.

¹¹“Geen graanoffer wat vir die Here aangebied word, mag suurdeeg in hê nie. Julle mag geen suurdeeg of heuning verbrand as 'n vuuroffer vir die Here nie.

¹²Julle mag dit as eerstelingoffer vir die Here aanbied, maar op die altaar mag dit nie kom as 'n offer wat deur die Here aanvaar word nie.

¹³Gooi sout by al jou graanoffers. Die sout herinner aan die verbond met jou God; moenie dat dit in jou graanoffers ontbreek nie. Bied sout aan op al jou graanoffers.

¹⁴“Wanneer jy vir die Here 'n graanoffer uit die eerste opbrengs van die oes aanbied, kan dit gebraaide koring of stampkoring wees. Jy bied dit aan as die graanoffer uit die eerste opbrengs van jou oes,

¹⁵en jy gooi olie daarop en sit wierook bo-op. Dit is die graanoffer.

¹⁶Die priester verbrand dié deel van die stampkoring en die olie wat as simbool vir die hele offer dien, saam met al die wierook. Dit is 'n vuuroffer vir die Here.”

Levitikus 3

Die maaltydoffer

¹“As iemand 'n maaltydoffer wil bring en hy wil dit aanbied uit sy beeste, kan hy vir die Here 'n bul of 'n koei aanbied, maar sonder liggaamsgebrek.

²Die man sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit by die ingang van die tent van ontmoeting. Die Aäronitiese priesters sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar.

³Dan bied hy uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, die vet aan die binnegoed self,

⁴die twee niere met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word.

⁵Die Aäroniete verbrand dit op die altaar, bo-op die brandoffer op die vuur. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

⁶“As iemand vir die Here 'n maaltydoffer uit sy kleinvee wil aanbied, kan dit 'n ram of 'n ooi wees, maar sonder liggaamsgebrek.

⁷“As die man 'n skaap as offer aanbied, bring hy dit in die teenwoordigheid van die Here,

⁸sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit daar voor die tent van ontmoeting. Die Aäronitiese priesters sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar.

⁹Dan bied die man uit die maaltydoffer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet, naamlik die hele vetstert, teen die stuitjie afgesny, die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self,

¹⁰die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word.

¹¹Die priester verbrand dit dan op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer vir die Here.

¹²“As die offer 'n bok is, bring die man dit in die teenwoordigheid van die Here,

¹³sit sy hand op die dier se kop en slag dit daar voor die tent van ontmoeting. Die Aäroniete sprinkel dan die bloed rondom teen die altaar.

¹⁴Dan bied die man uit sy offer vir die Here 'n vuuroffer aan, bestaande uit die vet wat die binnegoed bedek, al die vet aan die binnegoed self,

¹⁵die twee niertjies met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niertjies verwyder word.

¹⁶Die priester verbrand dit op die altaar. Dit is voedsel, dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word. Al die vet is die Here s'n.

¹⁷“Dit is 'n vaste voorskrif vir julle nageslag, waar julle ook al woon: julle mag geen vet of bloed eet nie.”

Levitikus 4

Die sondeoffer

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Wanneer iemand onopsetlik teen enige van die gebooie van die Here sondig en iets doen wat hy nie mag doen nie, moet soos volg gehandel word:

³“As die gesalfde priester sondig en so die volk skuldig maak, bied hy vir die sonde wat hy gedoen het, 'n bul sonder liggaamsgebrek as sondeoffer aan die Here aan.

⁴Hy bring die bul by die ingang van die tent van ontmoeting, sit sy hand op die bul se kop en slag dit daar in die teenwoordigheid van die Here.

⁵Dan vat die gesalfde priester van die bul se bloed, bring dit na die tent van ontmoeting toe,

⁶steek sy vinger in die bloed en sprinkel van die bloed sewe maal in die teenwoordigheid van die Here op die voorkant van die voorhangsel in die heiligdom.

⁷Hy smeer ook van die bloed aan die horings van die wierookaltaar in die teenwoordigheid van die Here in die tent van ontmoeting. Die res van die bul se bloed gooi hy alles uit teen die fondament van die brandofferaltaar by die ingang van die tent van ontmoeting.

⁸Hy verwyder ook al die vet van die sondeofferbul, die vet wat die binnegoed bedek, dié aan die binnegoed self,

⁹die twee niere met die vet aan wat teen die kruis is, en die punt van die lewer wat saam met die niere verwyder word,

¹⁰net soos dit verwyder word by die maaltydofferbul. Die priester verbrand die vet dan op die brandofferaltaar.

- ¹¹Die vel van die bul, al die vleis saam met die kop en pote, die binnegoed wat oor is, en die pensmis,
- ¹²die hele bul, word dan buitekant die kamp gebring na 'n rein plek toe, die plek waar die as weggegooi word, en daar op 'n houtvuur verbrand. Dit word op die ashoop verbrand.
- ¹³“As die hele volk Israel onopsetlik sondig, en 'n misdaad teen die Here begaan sonder dat hulle weet dat hulle 'n gebod van die Here oortree,
- ¹⁴en dit word agterna bekend dat hulle gesondig het, moet die volk 'n bul as sondeoffer aanbied. Hulle bring die bul voor die tent van ontmoeting,
- ¹⁵en dan sit die leiers van die volk daar in die teenwoordigheid van die Here hulle hande op die bul se kop en slag dit daar.
- ¹⁶Die gesalfde priester neem van die bloed na die tent van ontmoeting toe,
- ¹⁷steek sy vinger in die bloed en sprinkel van die bloed sewe maal in die teenwoordigheid van die Here op die voorkant van die voorhangsel.
- ¹⁸Hy smeer ook van die bloed aan die horings van die altaar wat in die teenwoordigheid van die Here in die tent van ontmoeting staan. Die res van die bloed gooi hy alles uit teen die fondament van die brandofferaltaar by die ingang van die tent van ontmoeting.
- ¹⁹Hy verwyder ook al die vet van die dier en verbrand dit op die altaar.
- ²⁰Verder doen hy met die bul presies wat gedoen word met die sondeoffer. So doen die priester versoening vir die volk en word hulle sonde vergewe.
- ²¹Hy bring dan die bul buitekant die kamp en verbrand dit net soos die bul wat voorheen genoem is. Dit is die sondeoffer van die volk.
- ²²“As 'n gesagsdraer sondig en 'n misdaad teen die Here begaan deurdat hy sonder opset 'n gebod van die Here sy God oortree,
- ²³en die sonde wat hy gedoen het, word onder sy aandag gebring, bring hy 'n bokram sonder liggaamsgebrek as offer.

²⁴Hy sit sy hand op die bok se kop en slag dit in die teenwoordigheid van die Here op die plek waar die diere vir die brandoffer geslag word. Dit is die sondeoffer.

²⁵Die priester vat dan met sy vinger van die bloed en smeer dit aan die horings van die brandofferaltaar. Die res van die bloed gooi hy alles teen die fondament van die altaar uit.

²⁶Hy verbrand dan al die vet op die altaar soos in die geval van die vet van die maaltydoffer. So doen die priester versoening vir die gesagsdraer en word sy sonde vergewe.

²⁷“As een van die burgers van die land sonder opset sondig en 'n misdaad teen die Here begaan deurdat hy 'n gebod van die Here oortree,

²⁸en die sonde wat hy gedoen het, word onder sy aandag gebring, bring hy 'n bokooi sonder liggaamsgebrek as offer vir die sonde wat hy begaan het.

²⁹Hy sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit op die plek waar die diere vir die brandoffer geslag word.

³⁰Die priester vat dan met sy vinger van die bloed en smeer dit aan die horings van die brandofferaltaar. Die res van die bloed gooi hy alles teen die fondament van die altaar uit.

³¹Al die vet word verwyder soos in die geval van die maaltydoffer, en die priester verbrand dit op die altaar. Die offer word deur die Here aanvaar. So doen die priester versoening vir die burger en word sy sonde vergewe.

³²“As hy 'n skaap as sondeoffer bring, bring hy 'n ooi sonder liggaamsgebrek.

³³Hy sit sy hand op die offerdier se kop en slag dit as 'n sondeoffer op die plek waar die diere vir die brandoffer geslag word.

³⁴Die priester vat dan met sy vinger van die offerdier se bloed en smeer dit aan die horings van die brandofferaltaar. Die res van die bloed gooi hy alles teen die fondament van die altaar uit.

³⁵Al die vet word verwyder soos in die geval van die skaap vir die maaltydoffer, en die priester verbrand dit op die altaar by die vuuroffer vir die Here. So doen die priester versoening vir die sonde wat die burger gedoen het, en word sy sonde vergewe.”

Levitikus 5

Die skuldoffer

¹“Wanneer iemand hoor of te wete kom dat 'n vervloeking uitgespreek is en hy verswyg dit, sondig hy. Hy was 'n getuie daarvan, en daarom rus daar skuld op hom.

²“Iemand raak dalk aan iets onreins, aan die onrein dooie liggaam van 'n wilde dier of 'n mak dier of 'n insek, en hy is nie bewus daarvan nie; dan is hy onrein en is hy skuldig;

³of iemand raak aan iets onreins van 'n mens, iets wat hom onrein maak, en hy is nie bewus daarvan nie, is hy skuldig;

⁴of iemand lê 'n onbesonne eed af, ten goede of ten kwade, hoe 'n mens ook al onbesonne dinge kan sê in 'n eed, en hy is nie bewus dat dit onbesonne is nie, is hy skuldig. In enige van hierdie gevalle is hy skuldig.

⁵Wanneer hy in enige van dié gevalle te wete kom dat hy skuldig geword het, bely hy dat hy gesondig het

⁶en bring hy vir die Here 'n skuldoffer oor die sonde wat hy gedoen het. Dit kan 'n skaapooi of 'n bokooi wees wat hy as sondeoffer bring. Die priester doen versoening vir die persoon oor sy sonde.

⁷“As 'n stuk kleinvee bo die vermoë van die persoon is, bring hy as skuldoffer vir sy sonde twee tortelduiwe of twee ander duiwe vir die Here, een as sondeoffer en een as brandoffer.

⁸Hy bring hulle na die priester toe, en die priester bied eers dié een aan wat as sondeoffer bedoel is. Die priester knyp die duif se nek teen die kop af, maar verwyder nie die kop nie.

⁹Hy sprinkel van die bloed van die sondeoffer teen die kante van die altaar, en die bloed wat oorbly, druk hy teen die fondament van die altaar uit. Dit is die sondeoffer.

¹⁰Die tweede duif word as brandoffer gebring op die voorgeskrewe wyse. So doen die priester vir die persoon versoening vir die sonde wat hy gedoen het, en word sy sonde vergewe.

¹¹“As twee tortelduiwe of twee ander duiwe bo die persoon se vermoë is, bring hy as offer vir sy sonde twee kilogram meel as sondeoffer. Hy gooi nie olie daarop nie en sit nie wierook bo-op nie, want dit is 'n sondeoffer.

¹²Hy neem die meel na die priester toe, en die priester vat 'n handvol daarvan as simbool vir die hele offer en verbrand dit op die altaar by die vuuroffer vir die Here. Dit is die sondeoffer.

¹³So doen die priester vir die persoon versoening vir die sonde wat hy gedoen het in enige van die genoemde gevalle, en so word sy sonde vergewe. Soos by die graanoffer, kom die meel wat oorbly die priester toe.”

¹⁴Die Here het vir Moses gesê:

¹⁵“Wanneer iemand sonder opset troueloos handel en teen die heilige dinge van die Here sondig, bring hy vir die Here as skuldoffer 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die kleinveetrop. Die waarde van die ram as skuldoffer word in silwer bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom.

¹⁶As die waarde te min is, betaal die persoon in wat hy nog aan die heiligdom verskuldig is, en voeg nog een vyfde by en gee dit aan die priester. Die priester doen vir die persoon versoening met die ram as skuldoffer, en sy sonde word hom vergewe.

¹⁷“As iemand sondig en teen een van die gebooie van die Here oortree, is hy skuldig al was hy nie bewus daarvan nie. Sy skuld rus op hom.

¹⁸Hy bring as skuldoffer 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die kleinveetrop na die priester toe, volgens die vasgestelde waarde, en die priester doen vir die

persoon versoening vir die onopsetlike sonde wat hy gedoen het en waarvan hy nie bewus was nie, en sy sonde word hom vergewe.

¹⁹Dit is die skuldoffer, die skuldoffer wat hy aan die Here bring.”

Levitikus 6

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Dit kan gebeur dat iemand sondig en troueloos handel teen die Here deurdat hy sy volksgenoot bedrieg met iets wat in sy bewaring gegee of aan hom geleen is, of sy volksgenoot beroof of hom te kort doen.

³Of hy kry dalk iets wat weggeraak het, maar ontken dit en lê 'n vals eed af oor enige saak waarin 'n mens in dié opsig sou kon sondig.

⁴As hy so gesondig en hom skuldig gemaak het, moet hy teruggee wat hy geroof het of waarmee hy iemand te kort gedoen het of wat in sy bewaring gegee was of wat weggeraak het en deur hom gevind is,

⁵of wat ook al waaroor hy 'n vals eed afgelê het. Op die dag dat sy skuld bekend word, moet hy alles terugbetaal aan die persoon aan wie dit toekom, en hy moet nog 'n vyfde bysit.

⁶As skuldoffer bring hy vir die Here 'n ram sonder liggaamsgebrek uit die kleinveetrop na die priester toe, volgens die vasgestelde waarde,

⁷en die priester doen voor die Here versoening vir die skuldige, en sy sonde word hom vergewe, hoe hy hom ook al skuldig gemaak het.”

Reëlins oor die brandoffer

⁸Die Here het vir Moses gesê:

⁹“Gee aan Aäron en sy seuns die volgende opdrag: Die reëling oor die brandoffer is soos volg, die brandoffer naamlik wat die hele nag deur tot die môre toe op die vuurmaakplek op die altaar is terwyl die vuur aan die brand gehou word:

¹⁰die priester trek sy linnekleed en linnebroek aan, en tel die vet op wat uitgebraai het toe die vuur die brandoffer op die altaar verteer het, en sit dit langs die altaar.

¹¹Hy trek sy klere uit en trek ander klere aan en bring die vet buite die kamp na 'n rein plek toe.

¹²Die vuur op die altaar word aan die brand gehou; dit mag nie doodgaan nie. Die priester pak elke môre hout op die vuur, lê die brandoffer daarop en verbrand op die altaar die vet van die maaltydoffers.

¹³Die vuur moet aanhou brand op die altaar; dit mag nie doodgaan nie.”

Reëlins oor die graanoffer

¹⁴“Die reëlins oor die graanoffer is soos volg: een van Aäron se seuns bied dit vir die Here aan voor die altaar.

¹⁵Hy vat daaruit 'n handvol meel en olie en al die wierook bo-op die graanoffer en verbrand dit op die altaar. Die simbool van die hele offer word aanvaar deur die Here.

¹⁶Aäron en sy seuns eet die oorblywende deel. Daar kom nie suurdeeg by nie. Hulle eet dit op die gewyde plek, in die voorhof van die tent van ontmoeting.

¹⁷Dit word gebak, maar nie met suurdeeg nie. Dit is hulle deel wat Ek hulle uit my vuuroffer gee. Dit is 'n besondere gewyde gawe, net soos die sondeoffer en die skuldoffer.

¹⁸Enige van die manlike nasate van Aäron mag daarvan eet. Dit is 'n vaste instelling vir julle nageslag met betrekking tot die vuuroffers van die Here. Elkeen wat daaraan raak, moet 'n gewyde wees.”

Die hoëpriester se offer by sy salwing

¹⁹Die Here het vir Moses gesê:

²⁰“Aäron en elkeen wat hom opvolg, moet op die dag van sy salwing die volgende offergawe vir die Here aanbied: twee kilogram meel as graanoffer, die helfte in die môre en die helfte in die aand. Dit is 'n blywende voorskrif.

²¹Die offergawe word met olie aangemaak op 'n bakplaat en die mengsel word as graanoffer in stukkies aangebied. Dit is aanvaarbaar vir die Here.

²²Die gesalfde priester wat uit die seuns van Aäron in sy plek gekom het, doen dit. Dit is 'n vaste instelling vir die Here. Die offer word heeltemal verbrand.

²³Elke graanoffer van dié priester word heeltemal verbrand. Dit word nie geëet nie.”

Reëlins oor die sondeoffer

²⁴Die Here het vir Moses gesê:

²⁵“Sê vir Aäron en sy seuns: Die reëling vir die sondeoffer is soos volg: die sondeofferdier word in die teenwoordigheid van die Here geslag op dieselfde plek as die brandofferdier. Dit is 'n besondere gewyde gawe.

²⁶Die priester wat die sondeoffer hanteer, eet dit. Hy eet dit op die gewyde plek, in die voorhof van die tent van ontmoeting.

²⁷Elkeen wat aan die vleis raak, moet 'n gewyde wees. As daar van die bloed op iemand se klere spat, moet die deel waarop die bloed gespat het, in die gewyde plek gewas word.

²⁸Die kleipot waarin die vleis gekook is, word gebreek, en as dit in 'n bronspot gekook is, moet die pot geskuur en met water afgespoel word.

²⁹Enige manlike persoon onder die priesters eet van die sondeoffer. Dit is 'n besondere gewyde gawe.

³⁰'n Sondeofferdier waarvan bloed in die tent van ontmoeting gebring word om daarmee in die heiligdom versoening te doen, word egter nie geëet nie. Dit word verbrand.”

Levitikus 7

Reëlins oor die skuldoffer

¹“Die skuldoffer is 'n besondere gewyde gawe. Die reëlins daarvoor is soos volg:

²die skuldofferdier word geslag op dieselfde plek as die brandoffer en sy bloed word rondom teen die altaar gespreinkel.

- ³Al die vet word aangebied: die vetstert, die vet wat die binnegoed bedek,
⁴die twee niertjies met die vet oor hulle teen die kruis en die lewerpunt wat saam met die niertjies verwyder word.
⁵Die priester verbrand dit op die altaar. Dit is 'n vuuroffer vir die Here. Dit is die skuldoffer.
⁶Enige manlike persoon onder die priesters mag die skuldoffer eet. Dit is 'n besondere gewyde gawe. Dit word op die gewyde plek geëet.
⁷Die aanwysings vir die skuldoffer is dieselfde as dié vir die sondeoffer. Dit kom die priester toe wat daarmee vir iemand versoening doen.”

Die priester se aandeel aan die brandoffer en die graanoffer

- ⁸“Waar 'n priester vir iemand 'n brandoffer aanbied, kom die vel van die offerdier die priester toe wat die offer aanbied.
⁹“Elke graanoffer wat in 'n oond gebak is, en dié wat in 'n bakpan of op 'n bakplaat gaargemaak is, kom die priester toe wat die offer aanbied.
¹⁰“Elke graanoffer wat met olie aangemaak is, en ook dié sonder olie, kom egter die seuns van Aäron toe, sonder voorkeur.”

Reëlins oor die maaltydoffer

- ¹¹“Die reëlins oor die maaltydoffers wat vir die Here aangebied word, is soos volg:
¹²as iemand dit aanbied as dankoffer, bied hy saam met die dankoffer ongesuurde ringbrood aan, met olie geknie, of ongesuurde roosterkoek met olie gesmeer, of 'n deegmengsel vir ringbrood, met olie geknie.
¹³Hy bied sy offer aan saam met ringbrood met suurdeeg, saam met sy maaltydoffer waarmee hy sy dank wil uitspreek.
¹⁴Hy bied een brood uit elk van hierdie offers aan as 'n spesiale gawe aan die Here. Die priester wat die bloed van die maaltydoffers sprinkel, kry die brood.
¹⁵“Die vleis van die maaltydoffer waarmee iemand sy dank wil uitspreek, word geëet op die dag van die offer. Dit mag nie oorstaan tot die volgende môre nie.

¹⁶“As iemand 'n offer aanbied om 'n gelofte na te kom of as hy 'n ander vrywillige offer aanbied, word die vleis dieselfde dag geëet. Wat oorbly, mag ook nog die volgende dag geëet word,

¹⁷maar wat op die derde dag nog oor is, moet verbrand word.

¹⁸As daar tog op die derde dag van die maaltydoffervleis geëet word, word dit nie meer as offer aanvaar nie en tel dit nie in die guns van die offeraar nie. Die offervleis is dan onrein, en wie daarvan eet, is skuldig.

¹⁹“Vleis wat geraak het aan enigiets wat onrein is, mag nie geëet word nie; dit moet verbrand word. “Iemand wat rein is, mag offervleis eet,

²⁰maar die persoon wat terwyl hy onrein is, eet van die maaltydoffervleis wat aan die Here behoort, moet van sy volksgenote afgesny word.

²¹As iemand aan iets onreins van 'n mens of van 'n dier raak, aan enigiets wat afstootlik en onrein is, en so iemand eet van die maaltydoffervleis wat aan die Here behoort, moet dié persoon van sy volksgenote afgesny word.”

Verbod op die eet van vet en bloed

²²Die Here het vir Moses gesê:

²³“Sê vir die Israeliete: Julle mag geen vet van beeste, skape en bokke eet nie.

²⁴Die vet van 'n dooie dier of van 'n dier wat deur roofdiere gevang is, mag wel gebruik word, maar dit mag glad nie geëet word nie.

²⁵Iemand wat die vet eet van 'n dier wat as vuuroffer vir die Here aangebied is, moet van sy volksgenote afgesny word.

²⁶“Julle mag, waar julle ook al woon, geen bloed eet nie, nie van voëls of van diere nie.

²⁷Iemand wat enige bloed eet, moet van sy volksgenote afgesny word.”

Die priesters se aandeel aan die maaltydoffers

²⁸Die Here het vir Moses gesê:

²⁹“Sê vir die Israeliete: Wanneer iemand vir die Here 'n maaltydoffer aanbied, moet hy self uit sy maaltydoffer 'n offer aan die Here bring.

³⁰Hy moet dit met sy eie hand as vuuroffer vir die Here bring. Hy moet die vuuroffer, die vet van die bors, saam met die bors bring en dit in die teenwoordigheid van die Here heen en weer beweeg as 'n beweegoffer.

³¹Die priester verbrand dan die vet op die altaar, maar die bors kom Aäron en sy seuns toe.

³²“Julle moet die regterboud van die maaltydofferdier as 'n offergawe aan die priester gee.

³³Die priester uit die seuns van Aäron wat die bloed en die vet van die maaltydoffers hanteer, het aanspraak op die regterboud as sy aandeel.

³⁴“Die Here het die bors van die beweegoffer en die boud wat as offergawe gebring is, uit die maaltydoffers van Israel gevat en dit aan die priester Aäron en sy seuns gegee. Dit is 'n vaste instelling vir die Israeliete.

³⁵“Dit is die aandeel van Aäron en sy seuns aan die vuuroffers van die Here, van die dag af dat hulle as priesters vir die Here gewy is.

³⁶Die dag toe hulle gesalf is, het die Here beveel dat hulle dié gawes van die Israeliete moet ontvang. Dit is 'n vaste instelling, ook vir hulle nageslag.”

³⁷Dit is dan die reëlins vir die brandoffer, die graanoffer, die sondeoffer, die skuldoffer, die offers by die priesterwyding en die maaltydoffers.

³⁸So het die Here aan Moses opdrag gegee by Sinaiberg in die Sinaiwoestyn die dag toe Hy die Israeliete beveel het om vir Hom offers te bring.

Levitikus 8

Die priesterwyding

(Vgl. Eks. 29:1-37)

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Laat Aäron en sy seuns na die ingang van die tent van ontmoeting toe kom. Bring die klere, die salfolie, die bul vir die sondeoffer, die twee ramme en die mandjie met ongesuurde brood,

³en laat die hele gemeente ook by die ingang van die tent van ontmoeting bymekaarkom.”

⁴Moses het die bevel van die Here uitgevoer, en toe die gemeente bymekaar was voor die tent van ontmoeting,

⁵het Moses vir hulle gesê: “Ek sal nou daartoe oorgaan om te doen wat die Here my beveel het.”

⁶Hy het Aäron en sy seuns laat naderkom na die altaar toe en hulle gewas.

⁷Daarna het hy die priesterklere vir Aäron aangetrek en die serp vir hom omgebind. Hy het die mantel vir hom omgehang en die skouerkleed vir hom aangetrek deur dit met die band wat daaraan was, om sy lyf vas te maak.

⁸Hy het ook die borssak daaraan vasgebind en die urim en tummim in die borssak gesit.

⁹Hy het die tulband om sy kop gesit en die goue blom aan die voorkant van die tulband vasgesit as 'n besondere wydingsteken. Dit is alles gedoen soos die Here Moses beveel het.

¹⁰Moses het toe met die salfolie die tabernakel en alles wat daarin was, gesalf. So het hy dit vir die diens van die Here gewy.

¹¹Hy het naamlik sewe maal van die olie teen die altaar gespreinkel en die altaar met al sy gereedskap en ook die waskom en sy staander gesalf om dit te wy.

¹²Hy het ook van die salfolie op Aäron se kop gegooi om hom te salf en aan die diens van die Here te wy.

¹³Toe het Moses die seuns van Aäron by die altaar laat plek inneem, die priesterklere vir hulle aangetrek, hulle serpe omgebind en hulle kopdoeke vasgemaak. Hy het dit gedoen soos die Here hom beveel het.

¹⁴Hierna het hy die bul vir die sondeoffer na die altaar toe gebring, en Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die bul gesit.

¹⁵Moses het die bul geslag en van die bloed met sy vinger rondom die horings van die altaar gesmeer om die altaar te reinig. Hy het toe die res van die bloed teen die fondament van die altaar uitgegooi. So het hy die altaar aan die Here gewy sodat daarop versoening gedoen kan word.

¹⁶Hierna het Moses al die vet wat aan die binnegoed sit en die punt van die lewer saam met die twee niere en die niervet op die altaar verbrand.

¹⁷Die res van die bul, die vel, die vleis en die pensmis is buite die kamp verbrand soos die Here vir Moses beveel het.

¹⁸Toe is die ram vir die brandoffer nadergebring na die altaar toe. Aäron en sy seuns het hulle hande op die kop van die ram gesit.

¹⁹Moses het hom geslag en die bloed rondom teen die altaar uitgegooi.

²⁰Hy het die ram opgesny. Hy het die kop, die opgesnyde dele, die binnevet, en

²¹nadat hy dit skoon gewas het, ook die binnegoed en pote verbrand. So het Moses die hele ram op die altaar verbrand. Dit was 'n brandoffer wat deur die Here aanvaar is, 'n vuuroffer wat aan die Here gebring is soos Hy Moses beveel het.

²²Hierna is die ander ram wat vir die priesterwyding bedoel was, na die altaar toe gebring. Aäron en sy seuns het hulle hande ook op die kop van dié ram gesit.

²³Moses het hom geslag en van die bloed aan Aäron se regteroorlel, sy regterduim en regtergroottoon gesmeer.

²⁴Moses het die seuns van Aäron laat naderkom en van die bloed ook aan hulle regteroorlelle, regterduime en regtergroottone gesmeer. Die res van die bloed het hy rondom teen die altaar uitgegooi.

²⁵Hy het die vet, dit is die vetstert en al die vet wat aan die binnegoed sit, saam met die punt van die lewer, die twee niere met die niervet en die regterboud eenkant gesit.

²⁶Hy het 'n ongesuurde ringbrood, 'n ringbrood wat met olie geknie is, en 'n roosterkoek uitgehaal uit die mandjie met ongesuurde brood wat by die altaar gestaan het, en dit by die vet en die regterboud gesit.

²⁷Daarna het hy dit alles vir Aäron en sy seuns gegee en hulle aangesê om dit as 'n beweegoffer vir die Here aan te bied.

²⁸Moses het dit toe by hulle geneem en dit op die altaar bo-op die brandoffer verbrand. Die offer waarmee die priesters gewy is, was 'n offer wat deur die Here aanvaar is. Dit was 'n vuuroffer wat vir die Here aangebied is.

²⁹Moses het die bors as 'n beweegoffer vir die Here aangebied. Dit was die deel van die offerram vir die priesterwyding wat Moses, volgens die bevel van die Here, gekry het.

³⁰Daarna het Moses van die salfolie en van die bloed wat op die altaar was, oor Aäron en sy klere gesprinkel en ook oor sy seuns en hulle klere. So het Moses vir Aäron en sy seuns en hulle klere aan die Here gewy.

³¹Moses het vir Aäron en sy seuns gesê: “Kook die vleis by die ingang van die tent van ontmoeting en eet dit daar saam met die brood in die mandjie wat gebruik is by die priesterwyding, want die bevel aan my was: ‘Aäron en sy seuns moet dit eet.’

³²As daar iets oorbly van die vleis of die brood, moet dit verbrand word.

³³Julle mag 'n week lank nie die ingang van die tent van ontmoeting verlaat nie, nie voordat die sewe dae van die wydingseremonies verby is nie.

³⁴Die dinge wat vandag gedoen is op bevel van die Here, was bedoel om julle sonde te versoen.

³⁵Daarom moet julle 'n week lank dag en nag by die ingang van die tent van ontmoeting bly en die bevel van die Here uitvoer, anders sal julle sterwe. Dit is die bevel wat ek van die Here ontvang het.”

³⁶Aäron en sy seuns het toe alles wat die Here deur Moses beveel het, gedoen.

Levitikus 9

Die priesters begin met hulle dienswerk

¹Toe die week verby was, het Moses vir Aäron, sy seuns en die leiers van Israel laat roep.

²Hy sê toe vir Aäron: “Vat 'n bulkalf en 'n ram, altwee sonder liggaamsgebrek, en offer die kalf as 'n sondeoffer en die ram as 'n brandoffer aan die Here.

³Sê dan vir die Israeliete hulle moet 'n bokram bring as sondeoffer en 'n bulkalf en 'n lam as brandoffer, almal 'n jaar oud en sonder liggaamsgebrek.

⁴Hulle moet ook 'n bul en 'n ram bring as 'n maaltydoffer aan die Here, sowel as 'n graanoffer wat met olie aangemaak is, want die Here wil Hom vandag aan julle openbaar.”

⁵Hulle het alles wat Moses beveel het, na die voorkant van die tent van ontmoeting toe gebring en die hele gemeente het saamgekom en in die teenwoordigheid van die Here kom staan.

⁶Toe sê Moses: “Ons sal nou doen wat die Here beveel het. Dan sal die magtige teenwoordigheid van die Here aan julle geopenbaar word.”

⁷Moses sê toe vir Aäron: “Kom nader na die altaar toe en offer die sondeoffer en die brandoffer wat vir jouself bedoel is, en doen versoening vir jouself en jou mense. Bring daarna die offer van die volk en doen versoening vir hulle soos die Here beveel het.”

⁸Aäron het nader gegaan na die altaar toe en die kalf geslag wat bedoel was as sondeoffer vir homself.

⁹Sy seuns het die bloed vir hom na die altaar toe gebring en hy het sy vinger in die bloed gestee en daarvan aan die horings van die altaar gesmeer. Die res van die bloed het hy teen die fondament van die altaar uitgegooi.

¹⁰Die vet, die niere en die punt van die lewer van die sondeofferdier het hy op die altaar verbrand soos die Here vir Moses beveel het.

¹¹Die vleis en die vel is egter buite die kamp verbrand.

¹²Daarna het hy die ram geslag wat vir homself bedoel was as brandoffer. Sy seuns het die bloed vir hom aangegee, en hy het dit rondom teen die altaar gesprinkel.

¹³Hulle het ook die stukke en die kop van die brandofferdier vir hom aangegee, en hy het dit op die altaar aan die brand gestee.

¹⁴Hy het die binnegoed en die pote gewas en dit bo-op die brandoffer op die altaar verbrand.

¹⁵Daarna het Aäron die offer van die volk na die altaar toe gebring. Hy het die bokram wat as sondeoffer vir die volk bedoel was, gevat, hom geslag en geoffer op dieselfde manier as die vorige sondeoffer.

¹⁶Hy het ook die brandoffer van die volk na die altaar toe gebring en dit volgens die voorskrif geoffer.

¹⁷Toe het hy die graanoffer nadergebring en 'n handvol daarvan op die altaar verbrand. Dit was afgesien van die daaglikse brandoffer.

¹⁸Die bul en die ram wat bedoel was as maaltydoffers van die volk, het hy ook geslag. Die seuns van Aäron het die bloed vir hom aangegee en hy het dit rondom teen die altaar gesprinkel.

¹⁹Sy seuns het die vetdele van die bul en die ram, naamlik die vetstert, die niervet, die niere en die punt van die lewer,

²⁰op die borsstukke gepak en dit alles vir Aäron aangegee. Hy het die vetdele op die altaar verbrand,

²¹maar die borsstukke en die regterboud het hy as beweegoffer aan die Here aangebied soos Moses hom beveel het.

²²Nadat Aäron die sondeoffer, die brandoffer en die maaltydoffers gebring het, het hy sy hande na die volk toe uitgesteek en hulle geseën. Hy het van die altaar afgeklim

²³en saam met Moses in die tent van ontmoeting ingegaan. Toe hulle uitkom, het hulle die volk geseën. Die magtige teenwoordigheid van die Here is toe aan die hele volk geopenbaar:

²⁴vuur wat van die Here gekom het, het die oorblyfsels van die brandoffer en die vetstukke op die altaar weggebrand. Toe die volk dit sien, was daar uitroepe van blydschap en het almal op hulle knieë geval.

Levitikus 10

Die dood van Nadab en Abihu

¹Nadab en Abihu, seuns van Aäron, het elkeen sy vuurpan gevat en gloeiende kole daarin gesit. Hulle het wierook daaroor gegooi en dit vir die Here aangebied. Dit was egter ongeoorloofde vuur omdat dit teen die bevel van die Here was.

²'n Vuur wat van die Here af gekom het, het hulle verteer, en hulle het gesterf in die teenwoordigheid van die Here.

³Toe sê Moses vir Aäron: “Die Here het gesê: Wie 'n offer vir My bring, moet besef dat Ek heilig is; sy ontsag vir My moet vir die hele volk duidelik wees.” Aäron was sprakeloos.

⁴Moses het daarna vir Misael en Elisafan, seuns van Aäron se oom Ussiël, geroep en vir hulle gesê: “Gaan nader en vat julle familieleden weg voor die heiligdom en dra hulle uit die kamp uit.”

⁵Hulle het toe nader gegaan en die dooies in hulle ampsklere uitgedra na 'n plek buite die kamp soos Moses gesê het.

⁶Moses het Aäron en sy twee seuns Eleasar en Itamar beveel: “Moenie rou deur julle hare onversorg te laat en julle klere te skeur nie. As julle rou, sal julle sterwe, en sal die Here toornig wees op die hele gemeente. Maar julle volksgenote, al die Israeliete, mag rou oor hierdie vuurdood wat van die Here gekom het.

⁷Julle mag ook glad nie van die ingang van die tent van ontmoeting af weggaan nie. As julle dit doen, sal julle sterwe, want die salfolie van die Here het julle aan Hom gewy.” Hulle het toe gemaak soos Moses gesê het.

Voorskrifte vir die priesters

⁸Die Here het vir Aäron gesê:

⁹“Jy en jou seuns mag geen wyn of bier drink wanneer julle moet gaan diens doen in die tent van ontmoeting nie, want dan sal julle sterwe. Dit is 'n vaste voorskrif, ook vir julle nageslag.

¹⁰Daar moet duidelik onderskeid gemaak word tussen wat gewyd is en wat nie gewyd is nie, tussen wat onrein is en wat rein is.

¹¹Julle moet al die voorskrifte wat die Here deur Moses aan julle gegee het, vir die Israëliete leer.”

¹²Moses het vir Aäron en sy twee seuns wat nog gelewe het, Eleasar en Itamar, gesê: “Wat die graanoffer wat oorgebly het nadat die vuuroffer aan die Here gebring is, en eet dit by die altaar. Daar mag nie suurdeeg by kom nie. Omdat dit 'n besondere gewyde gawe is,

¹³moet julle dit op 'n gewyde plek eet. Volgens die bevel wat ek ontvang het, is dit julle deel uit die vuuroffer wat aan die Here gebring word.

¹⁴Maar die borsstuk van die beweegoffer en die boud uit die offergawe mag julle en julle familie op enige rein plek eet, want dit is die deel wat julle en julle familie toekom uit die maaltydoffers van die Israëliete.

¹⁵Die Israëliete moet die boud uit die offergawe en die borsstuk wat as beweegoffer vir die Here aangebied is, bring wanneer hulle die vetdele bring wat vir die vuuroffer bedoel is. Hulle moet dit as beweegoffers aan die Here aanbied. Daarna kry julle dit. Die Here het beveel dat dit 'n vaste voorskrif moet wees.”

¹⁶Toe Moses op 'n keer navraag doen oor die sondeofferbok en hy uitvind dat dit verbrand is, was hy kwaad vir Eleasar en Itamar, die seuns van Aäron wat nog gelewe het. Hy vra toe:

¹⁷“Waarom het julle nie die sondeoffer op 'n gewyde plek geëet nie? Dit is 'n besondere gewyde gawe en die Here het dit aan julle gegee om die sonde van die gemeente weg te neem; dit is bedoel om vir hulle by die Here versoening te doen.

¹⁸Omdat die bloed nie in die heiligdom ingeneem is nie, moes julle die sondeoffer in die heiligdom geëet het soos ek julle beveel het.”

¹⁹Aäron antwoord toe daarop: “Die mense hét vandag hulle sondeoffer en brandoffer aan die Here gebring, en tog het hierdie ramp my getref! Sou dit dan enige verskil gemaak het as ek die sondeoffer geëet het? ”

²⁰Toe Moses dit hoor, was hy tevrede.

Levitikus 11

Rein en onrein kos

(Vgl. Deut. 14:3-21)

¹Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Van al die diere wat op land hou, mag julle

³net dié eet wat volledig gesplete kloue het en herkou.

⁴Maar dié wat net herkou of net gesplete kloue het, mag julle nie eet nie. Dit geld vir die kameel, want, alhoewel die dier herkou, het hy nie gesplete kloue nie. Julle moet hom dus as onrein beskou.

⁵Dit geld ook vir die dassie

⁶en vir die haas.

⁷'n Vark het weer volledig gesplete kloue, maar hy herkou nie. Hy is vir julle dus 'n onrein dier.

⁸Julle mag nie die vleis van hierdie diere eet of selfs aan hulle karkasse raak nie: hulle is vir julle onrein.

⁹“In die geval van waterdiere mag julle alles eet wat vinne en skubbe het. Dit geld vir soutwaterdiere en varswaterdiere.

¹⁰Maar enige ding wat in die water lewe en nie vinne en skubbe het nie, is vir julle verbode.

¹¹Hulle is vir julle verbode en julle mag glad nie van dié diere eet of selfs raak aan een wat dood is nie.

¹²Alle waterdiere wat nie vinne en skubbe het nie, is dus vir julle verbode.

- ¹³“In die geval van diere met vlerke is die volgende soorte verbode en hulle mag dus nie geëet word nie: arende, lammervangers en visarende;
- ¹⁴aasvoëls en valksoorte;
- ¹⁵al die kraaisoorte;
- ¹⁶volstruise, nagvalke, seemeue en alle soorte roofvoëls;
- ¹⁷uile, visvangers, ibisse,
- ¹⁸flaminke, pelikane, swane,
- ¹⁹ooievaars, al die reiersoorte, hoep-hoepe en vlermuise.
- ²⁰“Alle insekte wat vlerke het en op pote loop, is vir julle verbode.
- ²¹Julle mag egter dié eet waarvan die pote so is dat hulle kan spring.
- ²²Dit sluit in alle soorte sprinkane en krieke.
- ²³Alle ander insekte wat vlerke het en op pote loop, is vir julle verbode.
- ²⁴“Sommige diere se karkasse maak iemand wat net daaraan raak, onrein vir die res van die dag.
- ²⁵As iemand die karkas van so 'n dier gedra het, moet hy sy klere was, maar hy is vir die res van die dag onrein.
- ²⁶Dit is alle mak diere waarvan die pote nie volledig gesplete is nie en wat nie ook herkou nie. Dit is onrein diere, en elkeen wat aan die karkas van so 'n dier raak, is onrein.
- ²⁷Verder is alle viervoetige wilde diere wat nie hoewe het nie, onrein. As iemand aan die karkas van so 'n dier raak, is hy onrein vir die res van die dag.
- ²⁸As hy so 'n karkas gedra het, moet hy sy klere was, maar hy is nog vir die res van die dag onrein.
- ²⁹“Die volgende diertjies wat volop voorkom in die veld, moet julle as onrein beskou: molle, muise en al die akkedissoorte
- ³⁰soos geitjies, sandakkedis, boomakkedis, gewone akkedisse en ook verkleurmannetjies.

³¹Dit is onrein diertjies en elkeen wat aan so 'n diertjie raak as hy dood is, is die res van die dag onrein.

³²Enigiets waarop so 'n dooie diertjie val, is ook onrein. Dit geld vir enige gebruiksartikel van hout, lap, leer of growwe linne, enige gewone gebruiksartikel. Dit moet in water gedruk word, maar is nog vir die res van die dag onrein. Eers daarna is dit rein.

³³As een van die diertjies in 'n kleipot val, is alles wat in die pot is, onrein. Die pot moet dan gebreek word,

³⁴want enige kos waarby water uit so 'n pot gegooi is, is onrein, en enige vloeistof uit so 'n pot is onrein.

³⁵Enigiets waarop een so 'n dooie diertjie val, is onrein. 'n Kleioond of kleikookplek moet in so 'n geval afgebreek word; dit het onrein geword, en julle moet dit as onrein beskou.

³⁶'n Fontein of opgaardam is wel nie onrein as so 'n dooie diertjie daarin val nie, maar iemand wat aan die diertjie raak, is onrein.

³⁷As so 'n dooie diertjie op saad val wat gesaai gaan word, word die saad nie onrein nie.

³⁸As dit egter gebeur wanneer die saad in water lê om te week, is dit onrein.

³⁹“As enige dier wat julle wel mag eet, vrek, is iemand wat aan die karkas raak, die res van die dag onrein.

⁴⁰As iemand van die dooie dier se vleis eet of die karkas dra, moet hy sy klere was, maar self is hy die res van die dag onrein.

⁴¹“Alle klein diertjies wat volop voorkom in die veld, is vir julle verbode:

⁴²of hulle nou seil of op vier pote loop of baie pote het, julle mag nie een van hulle eet nie, want dit is verbode.

⁴³Julle moet julle nie besoedel met een van dié diere dat julle onrein word nie.

⁴⁴Ek is die Here julle God. Wy julle aan my diens en wees heilig, want Ek is heilig. Julle mag julle nie verontreinig met enige van die kleiner diertjies wat volop voorkom in die veld nie.

⁴⁵Ek is die Here wat julle uit Egipte laat trek het sodat Ek julle God kan wees. Omdat Ek heilig is, moet julle ook heilig wees.

⁴⁶“Dit is dan die reëling wat betrekking het op diere en voëls en op alles wat in water lewe en wat op die grond beweeg.

⁴⁷Julle moet noukeurig onderskei tussen rein en onrein, tussen diere wat geëet mag word en diere wat nie geëet mag word nie.”

Levitikus 12

Reiniging na swangerskap

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Wanneer 'n vrou 'n seun in die wêreld bring, is sy onrein, soos wanneer sy menstrueer, 'n week lank.

³Op die agste dag moet die seuntjie besny word.

⁴Daarna moet sy nog drie en dertig dae wag om seker te wees dat die bloedvloeiing opklaar. Voordat dié tydperk om is, mag sy aan niks raak wat gewyd is nie en ook nie in die heiligdom ingaan nie.

⁵As sy 'n dogter in die wêreld bring, is sy onrein soos wanneer sy menstrueer, maar twee weke lank. Dan moet sy nog ses en sestig dae wag om seker te wees dat daar geen bloedvloeiing meer is nie.

⁶As sy in die geval van 'n seun of dogter die bepaalde aantal dae gewag het, moet sy 'n jaaroud lam as brandoffer en 'n tortelduif of enige ander duif as sondeoffer neem na die priester toe wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting.

⁷Hy moet dit dan aan die Here offer en vir haar versoening doen. Dan sal sy rein wees van die bloedvloeiing wat sy gehad het. Hierdie wet is van toepassing op enige vrou wat 'n kind in die wêreld bring, of dit nou 'n seun is of 'n dogter.

⁸As sy nie 'n lam kan bekostig nie, moet sy twee tortelduiwe of twee ander duiwe bring, die een as brandoffer en die ander as sondeoffer, sodat die priester vir haar versoening kan doen en sy rein kan wees.”

Levitikus 13

Oor velsiektes waardeur 'n persoon onrein gemaak word

¹Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²“Wanneer iemand êrens aan sy lyf 'n swelsel of 'n uitslag of 'n seer het wat dalk kan ontwikkel in 'n velsiekte wat hom onrein kan maak, moet hy na Aäron of een van die Aäronitiese priesters toe gebring word.

³Die priester moet dan die seerplek ondersoek. As die hare daarop wit geword het en dit lyk of die ontsteking dieper is as die vel, is dit 'n velsiekte waardeur die persoon onrein gemaak word. Die priester wat dit ondersoek het, moet dan die persoon onrein verklaar.

⁴Maar as die seer 'n ligte kleur het en dit lyk of dit nie dieper as die vel is nie en die hare daarop het nie wit geword nie, moet die priester die persoon 'n week lank afsonder.

⁵Op die sewende dag moet die priester die persoon weer ondersoek. As daar na die priester se mening geen verandering ingetree het nie en die ontsteking het nie versprei in die vel nie, moet hy die persoon nog 'n week afsonder.

⁶Op die sewende dag moet die priester die persoon dan weer ondersoek. As die ontsteking opgeklaar het en nie verder versprei het in die vel nie, moet die priester die persoon rein verklaar. Dit is dan 'n onskadelike uitslag. Nadat hy sy klere gewas het, sal hy rein wees.

⁷As die uitslag egter verder versprei nadat die priester hom ondersoek en rein verklaar het, moet hy weer na die priester toe gaan vir 'n ondersoek.

⁸As die priester merk dat die uitslag versprei het, moet hy die persoon onrein verklaar. Dit is dan 'n velsiekte waardeur hy onrein gemaak word.

⁹“Iemand wat vermoedelik 'n velsiekte het wat hom onrein kan maak, moet na die priester toe gebring word.

¹⁰Die priester moet hom dan ondersoek. “Al is daar op die vel net 'n enkele wit seerplek wat die hare laat wit word en wat oop en rou is,

¹¹het die persoon alreeds 'n velsiekte wat hom onrein maak. Die priester moet die persoon onrein verklaar. Die priester hoef die persoon nie vir 'n tyd af te sonder nie, want hy is klaar onrein.

¹²“Maar as iemand 'n velsiekte het wat so versprei het dat dit vir die priester lyk of dit die hele lyf bedek,

¹³moet die priester hom noukeurig ondersoek. “Al is die velsiekte oor sy hele lyf versprei, maar daar is geen teken van ontsteking nie, is hy rein.

¹⁴Maar wanneer daar êrens aan hom 'n rou seer verskyn, is hy onrein.

¹⁵“Wanneer die priester by 'n ondersoek 'n rou seer ontdek, moet hy die persoon onrein verklaar. 'n Rou seer beteken onreinheid, 'n velsiekte waardeur die persoon onrein gemaak word.

¹⁶As die rou seer egter genees en 'n wit roof vorm, moet hy weer na die priester toe gaan.

¹⁷Die priester moet dit ondersoek. As die seerplek inderdaad 'n wit roof gevorm het, moet die priester die persoon rein verklaar. Hy is rein.

¹⁸“As iemand aan sy lyf 'n verswering gehad het wat genees het,

¹⁹en waar die verswering was, kom daar 'n wit swelsel of 'n rooierige seer, moet dit aan die priester gewys word.

²⁰Die priester moet dit ondersoek. As dit lyk of die kwaad onder die vel is en die hare daarop het wit geword, moet die priester die persoon onrein verklaar. Deur die verswering het daar 'n velsiekte ontstaan wat hom onrein maak.

²¹“Maar as die priester die plek ondersoek en sien dat die hare daarop nie wit geword het nie, dat die kwaad nie onder die vel is nie en dat die ontsteking opgeklaar het, moet die priester die persoon 'n week lank afsonder.

²²As die kwaad dan verder versprei in die vel, moet die priester die persoon onrein verklaar. Hy het 'n seerplek wat hom onrein maak.

²³Maar as die plek onverander bly en die ontsteking het nie versprei nie, is dit maar net die litteken van die verswering. Die priester kan hom dan rein verklaar.

²⁴“Wanneer iemand 'n brandwond opgedoen het en die rou wond vorm 'n rooierige of 'n wit seer,

²⁵moet die priester die plek ondersoek. As die hare op die seer wit geword het en die seer lyk dieper as die vel, het deur die brandwond 'n velsiekte ontstaan waardeur die persoon onrein gemaak word. Die priester moet die persoon onrein verklaar. Hy het 'n velsiekte wat hom onrein maak.

²⁶As die priester by sy ondersoek egter vind dat die hare op die seer nie wit geword het nie, dat die seer nie dieper is as die vel nie en dat die ontsteking opgeklaar het, moet die priester die persoon 'n week lank afsonder.

²⁷Op die sewende dag moet die priester die persoon weer ondersoek. As die kwaad verder versprei het in die vel, moet die priester die persoon onrein verklaar. Dit is 'n velsiekte wat hom onrein maak.

²⁸Maar as die plek onverander bly en die ontsteking het nie in die vel versprei nie maar opgeklaar, is dit die swelsel van die brandwond. Die priester moet hom dan rein verklaar, want dit is maar net die merk van die brandwond.

²⁹“Wanneer daar 'n seerplek is aan die kop van 'n man of 'n vrou of in die baard van 'n man,

³⁰moet die priester dit ondersoek. As dit lyk of die kwaad dieper is as die vel en as die hare daarop geel en donserig is, moet die priester die persoon onrein verklaar. Dit is 'n skurfsiekte, 'n velsiekte aan die kop of gesig, waardeur die persoon onrein gemaak word.

³¹As die priester egter sien dat die skurfsiekte nie dieper is as die vel nie, maar dat die hare daarop tog nie 'n gesonde kleur het nie, moet hy die persoon met die skurfsiekte 'n week lank afsonder.

³²Op die sewende dag moet die priester weer die seerplek ondersoek. As die skurfsiekte nie versprei het nie, die hare daarop nie geel is nie en dit nie dieper lyk as die vel nie,

³³moet al die hare afgeskeer word behalwe dié waar die skurfsiekte is. Daarna moet die priester die persoon nog 'n week afsonder.

³⁴Op die sewende dag moet die priester die skurfsiekte weer ondersoek. As dit nie versprei het in die vel nie en dit lyk nie dieper as die vel nie, moet die priester die persoon rein verklaar. Nadat hy sy klere gewas het, sal hy rein wees.

³⁵As daar egter enige verspreiding van die skurfsiekte voorkom nadat die persoon rein verklaar is,

³⁶moet die priester hom weer ondersoek. As dit duidelik is dat die skurfsiekte versprei het op die vel, hoef die priester nie eens te kyk of daar geel hare is nie. Die persoon is onrein.

³⁷As die priester later sien dat die skurfsiekte nie versprei het nie en dat daar gesonde hare op groei, is dit 'n teken dat die plek genees het en dat die persoon rein is. Die priester moet hom dan ook rein verklaar.

³⁸“As 'n man of 'n vrou êrens aan die lyf wit vlekke het,

³⁹moet die priester dit ondersoek. As die vlekke op die vel bleekwit vertoon, is dit gewone velverwitting waaraan die persoon ly. Hy is rein.

⁴⁰“Iemand wie se hare uitval sodat sy kop kaal word, is nie daarvan onrein nie.

⁴¹Ook wanneer net die hare op sy voorkop uitval, sodat sy kop daar kaal word, is hy nie onrein nie.

⁴²As daar egter 'n rooierige ontsteekte plek verskyn waar sy kop kaal raak, is dit 'n teken dat hy aan sy kopvel 'n velsiekte het wat hom dalk onrein maak.

⁴³Die priester moet die persoon dan ondersoek. As die simptome dieselfde is as dié van 'n velsiekte aan die lyf, wat 'n mens onrein maak, naamlik 'n rooierige swelsel,

⁴⁴het die man inderdaad so 'n velsiekte. Hy is onrein en die priester moet nie huiwer om die man onrein te verklaar nie. Die kwaad is in sy kopvel.

⁴⁵“Iemand wat 'n velsiekte het wat hom onrein maak, moet geskeurde klere dra en sy hare onversorg laat. Hy moet ook die onderste deel van sy gesig bedek en uitroep: ‘Onrein! Onrein!’

⁴⁶Hy bly onrein solank hy die siekte het. Hy moet dan ook in afsondering lewe en buite die kampplek bly.”

Oor skimmel wat onrein maak

⁴⁷“As daar 'n kol skimmel is op 'n kledingstuk,

⁴⁸of op garing of materiaal van linne of wol, of op vel of enige velartikel,

⁴⁹en die skimmel het 'n groenerige of rooierige kleur, kan dit skadelike skimmel wees, en moet dit aan die priester gewys word.

⁵⁰Die priester moet die kol ondersoek en die artikel met die skimmel 'n week lank eenkant sit.

⁵¹Op die sewende dag moet hy dit weer ondersoek. As die kol op die kledingstuk of garing of materiaal of velartikel groter geword het, is dit skadelike skimmel. Dit is onrein.

⁵²Die ding waarop die kol skadelike skimmel is, die wol, linne of vel, moet sonder meer in die vuur gegooi en verbrand word.

⁵³Maar as die priester sien dat die kol nie groter geword het nie,

⁵⁴moet hy beveel dat die artikel met die skimmel gewas word. Daarna moet hy dit nog 'n week eenkant sit.

⁵⁵As die priester dan, nadat dit so behandel is, sien dat die kleur van die kol nie verander het nie, is dit onrein, ook al het die kol nie groter geword nie. Dit moet verbrand word. Dit maak nie saak of die bederfde plek aan die voor- of aan die agterkant is nie.

⁵⁶As die priester egter sien dat die kol dowwer van kleur is 'n week nadat die artikel gewas is, moet hy die kol uitskeur uit die kledingstuk, die vel, die garing of die materiaal.

⁵⁷As daar dan weer 'n kol verskyn, is dit 'n teken dat die skimmel nog daar is. So 'n artikel moet verbrand word.

⁵⁸'n Kledingstuk, garing, materiaal of 'n velartikel waarvan die skimmel verdwyn het nadat dit gewas is, moet 'n tweede keer gewas word, dan is dit rein.”

⁵⁹Die voorafgaande is die voorskrifte waarvolgens bepaal moet word of klere, garing en materiaal van wol of linne, en velartikels rein of onrein is wanneer daar skimmel op is.

Levitikus 14

Reinigingsvoorskrif vir velsiektes wat onrein maak

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Wanneer iemand gereinig moet word wat gely het aan 'n velsiekte wat hom onrein maak, moet die volgende voorskrif nagekom word. Hy moet na die priester toe gebring word,

³maar buite die kampplek. Die priester moet die persoon daar ondersoek. As hy genees is van die velsiekte,

⁴moet daar op bevel van die priester twee lewende rein voëls, 'n stukkie sederhout, bloedrooi garing en 'n hisoptakkie gebring word vir die persoon wat gereinig moet word.

⁵Op bevel van die priester moet die kop van die een voël afgesny word oor 'n erdebakkie waarin vars water is.

⁶Die priester moet dan die lewende voël vat en hom saam met die stukkie sederhout, die bloedrooi garing en die hisoptakkie dompel in die bloed van die voël waarvan die kop afgesny is oor die bakkie vars water.

⁷Hy moet die water met die bloed in sewe maal sprinkel oor die persoon wat gereinig moet word van sy siekte en hom dan rein verklaar. Daarna moet hy die lewende voël in die veld loslaat.

⁸Die persoon wat gereinig word, moet sy klere was, al sy hare afskeer en bad. Dan is hy rein en mag hy in die kampplek ingaan, maar hy moet nog 'n week buite sy tent bly.

⁹“Op die sewende dag moet hy al sy hare afskeer. Hy moet sy hare, sy baard, sy wenkbroue en al sy liggaamshare afskeer. As hy dan sy klere gewas en hom gebad het, is hy rein en mag hy in sy tent ingaan.

¹⁰“Op die agste dag moet hy twee ramlammers en 'n jaaroud ooilam, almal sonder liggaamsgebrek, 'n graanoffer wat bestaan uit vyf kilogram meel wat met olyfolie aangemaak is, en 'n halwe liter olyfolie na die priester toe bring.

¹¹Die priester wat die reiniging doen, moet dan die persoon wat gereinig word, saam met sy offergawes bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe, in die teenwoordigheid van die Here.

¹²Daarna moet die priester die een ramlam en die halwe liter olie as 'n skuldoffer bring; hy moet dit as 'n beweegoffer vir die Here aanbied.

¹³Hy moet die lam slag op dieselfde plek waar die sondeoffer en die brandoffer geslag word, op die gewyde plek, want die skuldoffer is net soos die sondeoffer. Dit kom die priester toe, dit is 'n besondere gewyde gawe.

¹⁴Die priester moet van die bloed van die skuldofferlam smeer aan die regteroorlel, die regterduim en die regtergroottoon van die persoon wat gereinig word.

¹⁵Daarna moet die priester van die olyfolie in die palm van sy eie linkerhand gooi,

¹⁶'n vinger van sy regterhand in die olie druk en dit sewe maal sprinkel in die teenwoordigheid van die Here.

¹⁷Die priester moet van die olie wat in sy handpalm oorbly, bo-oor die skuldofferbloed smeer wat aan die regteroorlel, die duim en die groottoon van die persoon is.

¹⁸Die priester smeer die res van die olie in sy handpalm aan die kop van die persoon wat gereinig word. So doen die priester versoening by die Here vir die persoon.

¹⁹Daarby moet die priester ook die sondeofferlam offer en so versoening doen vir die persoon wat gereinig word. Hierna mag die persoon die brandofferlam slag,

²⁰en die priester moet dit saam met die graanoffer op die altaar verbrand. Wanneer die priester so versoening gedoen het vir die persoon, is hy rein.

²¹“As die persoon egter so arm is dat hy nie gewone offers kan bekostig nie, kan hy 'n ramlam gebruik as skuldoffer. Dit moet as beweegoffer aangebied word om vir hom versoening te doen, saam met 'n graanoffer bestaande uit een en 'n half kilogram meel wat met olyfolie aangemaak is en 'n halwe liter olyfolie.

²²Verder moet hy twee tortelduiwe of twee ander duiwe gebruik, een vir die sondeoffer en een vir die brandoffer.

²³Hy moet dit op die agste dag van sy reiniging vir die priester bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe, in die teenwoordigheid van die Here.

²⁴Die priester moet dan die skuldofferlam en die halwe liter olie as beweegoffer vir die Here aanbied.

²⁵Daarna moet die priester die skuldofferlam slag en van die bloed smeer aan die regteroorlel, die regterduim en die regtergroottoon van die persoon wat gereinig word.

²⁶Daarna moet die priester van die olie in die palm van sy eie linkerhand gooi

²⁷en dit met 'n vinger van sy regterhand sewe maal sprinkel in die teenwoordigheid van die Here.

²⁸Hy moet ook van die olie in sy handpalm bo-oor die skuldofferbloed smeer wat aan die regteroorlel, die duim en die groottoon van die persoon is wat gereinig word.

²⁹Die priester smeer die olie wat in sy handpalm oor is, aan die persoon se kop. So doen die priester versoening by die Here vir die persoon.

³⁰Die priester moet dan een van die twee tortelduiwe of ander duiwe wat die man gebring het,

³¹as 'n sondeoffer bring en die ander as 'n brandoffer saam met die graanoffer. So doen die priester versoening by die Here vir die persoon wat gereinig word.

³²Hierdie voorskrif moet geld in die geval van 'n persoon wat 'n velsiekte gehad het wat hom onrein gemaak het en wat nie die gewone reinigingsoffers kan bekostig nie.”

Reinigingsvoorskrifte vir huise

³³Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

³⁴“Julle gaan intrek in die land Kanaän wat Ek vir julle as besitting gee. As Ek dan swamme laat groei in een van die huise in die land wat julle sal besit,

³⁵moet die eienaar van die huis vir die priester gaan sê: ‘Dit lyk my daar is 'n swamplaag in my huis.’

³⁶Die priester moet dan beveel dat die huis ontruim word voordat hy die swamme gaan ondersoek, anders word alles in die huis dalk onrein verklaar. Eers daarna kan hy die huis gaan ondersoek.

³⁷As die priester sien dat die swamme aan die mure van die huis sit en dat dit groenerige of rooierige holtes vorm wat lyk of dit dieper is as die oppervlak van die muur,

³⁸moet hy uit die huis uitgaan en toegang tot die huis 'n week lank verbied.

³⁹Op die sewende dag moet die priester die huis weer ondersoek. As die swamme aan die mure versprei het,

⁴⁰moet die klippe waaraan die swamme is, uitgebreek word op bevel van die priester en buite die dorp op 'n onrein plek weggegooi word.

⁴¹Al die pleister in die huis moet dan afgekrap en ook buite die dorp op 'n onrein plek gegooi word.

⁴²Hulle moet dan ander klippe in die muur inbou en die hele huis oorpleister.

⁴³“As daar weer swamme groei nadat die klippe uitgebreek, die pleister afgekrap en die huis oorpleister is,

⁴⁴moet die priester weer gaan kyk. As dit inderdaad weer uitgeslaan het, is dit skadelike swamme. Daardie huis is onrein.

⁴⁵Dit moet afgebreek word en die klippe, houtwerk en klei moet buite die dorp op 'n onrein plek gegooi word.

⁴⁶Iemand wat in die huis ingaan in die tyd dat toegang verbied is, sal die res van die dag onrein wees

⁴⁷en as hy in die huis slaap of eet, moet hy ook sy klere was.

⁴⁸“As die priester egter vind dat die swamme nie weer gegroei het nadat die huis oorpleister is nie, moet hy dit rein verklaar aangesien daar nie meer swamme is nie.

⁴⁹Om die huis te reinig, moet hy twee voëls, 'n stukkie sederhout, bloedrooi garing en 'n hisoptakkie vat.

⁵⁰Hy moet die kop van die een voël afsny oor 'n erdebakkie waarin vars water is,

⁵¹en dan die stukkie sederhout, die hisoptakkie, die bloedrooi garing en die lewende voël dompel in die vars water met die bloed van die voël waarvan die kop afgesny is. Hy moet die water met die bloed in sewe keer teen die huis sprinkel.

⁵²So moet hy die huis reinig met die bloed van die voël en die vars water en deur middel van die lewende voël, die stukkie sederhout, die hisoptakkie en die bloedrooi garing.

⁵³Daarna moet hy die lewende voël buite die dorp loslaat in die oop veld. So doen die priester versoening vir die huis en word dit rein.”

⁵⁴Die voorafgaande voorskrifte het betrekking op skurfsiekte,

⁵⁵skimmel aan klere, swamme in 'n huis,

⁵⁶swelsels, uitslag en sere wat onrein maak.

⁵⁷So moet vasgestel word wanneer iets rein of onrein is. Dit is die voorskrif in verband met dinge wat onrein maak.

Levitikus 15

Onreinheid by mans en vrouens

¹Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Enige abnormale afskeiding uit die geslagsorgaan van 'n man is onrein.

³Hy is self ook onrein solank die afskeiding duur. Of dit nou 'n aanhoudende of 'n periodieke afskeiding is, dit maak hom onrein.

⁴'n Bed waarop so iemand lê, of enigiets waarop hy sit, word onrein.

⁵Enigiemand wat aan die bed raak, moet sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

⁶Wanneer iemand op iets sit waarop die man met die afskeiding gesit het, moet so 'n persoon sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

⁷Wanneer iemand raak aan 'n man wat 'n afskeiding het, moet so 'n persoon sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

⁸Wanneer 'n man met 'n afskeiding op 'n rein persoon spoeg, moet die persoon sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

⁹Enige saal waarop die man ry wat die afskeiding het, is onrein,

¹⁰en elkeen wat aan iets raak waarop die man gesit het, is die res van die dag onrein. Enigiemand wat iets optel waarop die man gesit het wat die afskeiding het, moet bad en sy klere was. Hy is die res van die dag onrein.

¹¹Enigiemand aan wie 'n man met 'n afskeiding raak sonder dat hy sy hande eers afgespoel het, moet bad en sy klere was. Hy is die res van die dag onrein.

¹²Alle kleipotte waaraan die man raak wat die afskeiding het, moet gebreek word, maar gebruiksartikels van hout moet afgespoel word.

¹³“As 'n man wat 'n afskeiding het, gesond word, moet hy sewe dae wag voordat hy rein verklaar kan word. Hy moet sy klere was en hom in lopende water bad. Daarna is hy rein.

¹⁴Op die agste dag moet hy met twee tortelduiwe of twee ander duiwe na die ingang van die tent van ontmoeting toe gaan en hulle in die teenwoordigheid van die Here vir die priester gee.

¹⁵Die priester moet die een vir 'n sondeoffer en die ander vir 'n brandoffer gebruik om vir die man wat die afskeiding gehad het, versoening te doen by die Here.

¹⁶“As 'n man 'n normale saadafskedding het, moet hy hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

¹⁷Enige linne of leer waarop die saad kom, moet ook gewas word en is die res van die dag onrein.

¹⁸Wanneer 'n man en 'n vrou geslagtelike omgang gehad het, moet altwee bad. Hulle is die res van die dag onrein.

¹⁹“Met 'n normale menstruasie is 'n vrou sewe dae onrein. Enigiemand wat aan haar raak, is die res van die dag onrein.

²⁰Enigiets waarop sy lê of sit gedurende die sewe dae, is onrein.

²¹⁻²²Enige persoon wat aan haar bed raak of aan iets waarop sy gesit het, moet sy klere was en hom bad. Hy is die res van die dag onrein.

²³As iemand aan iets raak wat op haar bed lê of aan iets waarop sy gesit het, is hy ook die res van die dag onrein.

²⁴As 'n man dit sou waag om met haar geslagsgemeenskap te hê, word haar onreinheid op hom oorgedra en is hyself ook sewe dae onrein. Enige bed waarop hy lê, is ook onrein.

²⁵“As 'n vrou 'n bloedvloeiing het buite haar menstrasietyd of as die bloedvloeiing tydens menstruasie abnormaal lank aanhou, is sy onrein solank die bloedvloeiing duur.

²⁶Net soos met menstruasie is enige bed waarop sy lê of enigiets waarop sy gedurende dié tyd sit, onrein.

²⁷Elkeen wat daaraan raak, is onrein. Hy moet sy klere was en hom bad en hy is die res van die dag onrein.

²⁸Wanneer die bloedvloeiing ophou, moet sy sewe dae wag voordat sy rein verklaar kan word.

²⁹Op die agste dag moet sy dan twee tortelduiwe of twee ander duiwe na die priester toe bring by die ingang van die tent van ontmoeting.

³⁰Die priester moet die een as 'n sondeoffer en die ander as 'n brandoffer gebruik om vir haar versoening te doen by die Here oor die onreinheid wat deur die vloeiing veroorsaak is.

³¹“Julle moet die Israeliete streng laat hou by hierdie reinheidsvoorskrifte, anders sal hulle dalk my heiligdom wat by hulle is, ontwy. As dit gebeur, sal hulle sterwe.”

³²Die voorafgaande voorskrifte reël die geval wanneer 'n man 'n afskeiding of saadstorting het wat hom onrein maak,

³³en wanneer 'n vrou menstrueer, dit wil sê enige geval van 'n afskeiding uit die geslagsorgaan van 'n man of 'n vrou en ook wanneer 'n man met 'n onrein vrou geslagsgemeenskap het.

Levitikus 16

Die jaarlikse versoening

- ¹Aäron se twee seuns het gesterf toe hulle 'n offer aan die Here wou bring, en na aanleiding daarvan het die Here vir Moses 'n opdrag gegee.
- ²Hy het vir Moses gesê: “Sê vir jou broer Aäron hy mag nooit sommer in die heiligdom agter die voorhangsel ingaan na die deksel van die verbondsark toe nie. Ek verskyn telkens in 'n wolk bokant die deksel van die ark en as Aäron sommer ingaan, sal hy sterwe.
- ³Voordat hy in die Allerheiligste ingaan, moet hy 'n jong bul as sondeoffer bring en 'n ram as brandoffer.
- ⁴Verder moet hy die gewyde klere van 'n gewone priester aanhê oor 'n broek en hy moet 'n serp om sy lyf en 'n tulband op sy kop hê. Dit moet alles gewyde linneklere wees. Hy moet hom was voor hy dit aantrek.
- ⁵Van die gemeente Israel moet hy twee bokramme as sondeoffer kry en een skaapram as brandoffer.
- ⁶Hy offer dan eers die bul wat vir homself bedoel is as sondeoffer, sodat hy versoening kan doen vir homself en al die priesters.
- ⁷Daarna bring hy die twee bokke na die ingang van die tent van ontmoeting toe in die teenwoordigheid van die Here.
- ⁸Hier moet Aäron lootjies trek oor die bokke. Die een lootjie moet gemerk wees ‘vir die Here’ en die ander een ‘vir Asasel’.
- ⁹Aäron moet die bok wat vir die Here geloot word, as 'n sondeoffer offer.
- ¹⁰Die bok wat vir Asasel geloot is, moet bly lewe. Die bok moet in die teenwoordigheid van die Here bly staan sodat Aäron die versoeningshandeling daarop kan verrig, en daarna moet die bok die woestyn in gestuur word vir Asasel.
- ¹¹“Wanneer Aäron die sondeofferbul offer wat vir homself bedoel is en waarmee hy vir hom en al die priesters versoening doen, moet hy die bul slag

¹²en moet hy 'n vuurpan vol maak met gloeiende kole van die altaar af wat in die teenwoordigheid van die Here staan. Aäron moet ook 'n dubbele handvol fyngestamppte wierook vat en daarmee agter die voorhangsel ingaan.

¹³Daar in die teenwoordigheid van die Here moet hy dan die wierook op die kole gooi sodat dit 'n rookwolk maak wat die deksel van die ark bedek waarin die getuienis is. Dan sal hy nie sterf nie.

¹⁴Hy moet daarna van die bloed van die bul met sy vinger sprinkel op die deksel se voorkant en dan ook nog sewe maal op die grond voor die deksel.

¹⁵Wanneer Aäron die bokram slag wat as sondeoffer vir die volk bedoel is, moet hy met die bloed agter die voorhangsel ingaan en daarmee doen soos hy gedoen het met die bul se bloed. Hy moet dit sprinkel op die deksel en voor die deksel.

¹⁶So moet hy die Allerheiligste reinig van die onreinhede van die Israeliete, van hulle oortredinge en al hulle sondes. Hy moet die tent van ontmoeting ook op dieselfde manier reinig, want dit staan by die volk met al hulle onreinheid.

¹⁷Niemand anders mag in die tent van ontmoeting wees vandat Aäron ingaan om in die heiligdom versoening te doen totdat hy uitgaan nie: hy doen versoening vir homself, die priesters en die hele gemeente Israel.

¹⁸Daarna moet Aäron uitgaan na die altaar toe in die teenwoordigheid van die Here en dit reinig: hy moet van die bloed van die bul en die bokram rondom al die horings van die altaar smeer

¹⁹en met sy vinger van die bloed sewe keer op die altaar sprinkel. So moet hy die altaar reinig van die onreinheid van die Israeliete en dit wy.

²⁰“Nadat Aäron die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar gereinig het, moet hy die lewende bok nader bring.

²¹Terwyl hy dan sy twee hande op die kop van die bok lê, moet hy ál die oortredinge en opstandigheid, al die sondes van die Israeliete daar bo-oor die bok bely. Sodoende sal hy die sonde op die kop van die bok oordra. Iemand wat beskikbaar is, moet dan die bok die woestyn injaag.

²²So sal die bok al hulle sonde met hom saamdra na 'n onherbergsame streek toe en daar in die woestyn moet hy agtergelaat word.

²³“Aäron moet dan in die tent van ontmoeting ingaan en sy linneklere waarmee hy in die Allerheiligste ingegaan het, uittrek en dit daar neersit.

²⁴Hy moet hom op 'n gewyde plek gaan was en sy hoëpriesterlike klere aantrek. Dan moet hy uitgaan en die brandoffer vir die versoening van sy eie sonde bring, asook die brandoffer vir die versoening van die sonde van die volk.

²⁵Hy moet ook die vet van die sondeoffer op die altaar verbrand.

²⁶Die man wat die bok na Asasel toe gejaag het, moet sy klere en homself was voordat hy na die kamp toe terugkom.

²⁷Die sondeofferbul en die sondeofferbok waarvan die bloed gebruik is om versoening te doen in die Allerheiligste, moet buite die kampplek verbrand word, velle, vleis, pensmis en al.

²⁸Die man wat dit verbrand het, moet eers sy klere en homself was voordat hy na die kamp toe terugkom.

²⁹Julle moet dit as 'n vaste instelling handhaaf dat julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge wat by julle woon, moet vas en alle werk moet staak op die tiende dag van die sewende maand,

³⁰want op dié dag moet daar vir julle versoening gedoen word sodat julle rein kan wees. Julle moet in die teenwoordigheid van die Here gereinig word van al julle sonde.

³¹Dit moet 'n plegtige rusdag wees, 'n dag waarop julle vas, 'n vaste instelling.

³²Die priester wat gesalf is en in die plek van sy vader as hoëpriester georden is, moet die versoening doen. Hy moet die gewyde linneklere aantrek,

³³die Allerheiligste, die tent van ontmoeting en die altaar reinig en versoening doen vir die priesters en die hele gemeente.

³⁴Die versoening vir die sonde van die Israeliete moet 'n vaste instelling wees. Dit moet elke jaar plaasvind.” Aäron het toe gedoen wat die Here vir Moses beveel het.

Levitikus 17

Die enigste offerplek

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir Aäron, die priesters en al die Israeliete, die Here het beveel:

³Elke Israeliet wat 'n bees of 'n skaap of 'n bok in die kamp of buite die kamp slag

⁴en nie by die ingang van die tent van ontmoeting waar hy voor die heiligdom van die Here 'n deel as gawe aan die Here kan gee nie, is skuldig aan bloedvergieting. So iemand het bloed vergiet, en sal van sy volksgenote afgesny word.

⁵Die bedoeling is dat die Israeliete nie meer diere in die veld moet slag nie, maar dit vir die Here moet bring. Hulle moet dit na die ingang van die tent van ontmoeting na die priester toe bring en daar slag as maaltydoffer vir die Here.

⁶Die priester moet die bloed sprinkel teen die altaar van die Here by die ingang van die tent van ontmoeting en ook die vet op die altaar verbrand as 'n offer wat deur die Here aanvaar word.

⁷Die Israeliete mag nooit weer diere slag vir die veldgode en só aan die Here ontrou wees nie. “Hierdie bepaling moet 'n vaste reël wees vir alle toekomstige geslagte.

⁸“Verder moet jy vir hulle sê: Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat 'n brandoffer of enige ander offer wil bring,

⁹moet dit vir die Here bring by die ingang van die tent van ontmoeting. As iemand dit nie doen nie, sal hy van sy volksgenote afgesny word.”

Verbod om bloed te eet

¹⁰“Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat enige bloed eet, sal Ek self straf. Ek sal hom van sy volksgenote afsny.

¹¹Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens. Omdat bloed versoening bring deur die lewe wat daarin is,

¹²beveel Ek elke Israeliet en elke vreemdeling by julle om géén bloed te eet nie.

¹³Elke Israeliet en elke vreemdeling by julle wat 'n rein wilde dier of voël slag, moet dit laat uitbloei en die bloed met grond toemaak.

¹⁴Omdat die bloed van enige dier sy lewe is, beveel Ek julle, Israeliete, dat julle géén bloed mag eet nie. Omdat die bloed van enige dier sy lewe is, sal elkeen wat dit eet, doodgemaak word.

¹⁵“Enige persoon onder julle, of hy nou 'n gebore Israeliet is of 'n vreemdeling, wat 'n dier eet wat gevrek het of deur roofdiere verskeur is, moet sy klere en homself was. Hy sal die res van die dag onrein wees.

¹⁶As hy nie sy klere en homself was nie, moet hy die gevolge dra.”

Levitikus 18

Oor seksuele verhoudings

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Praat met die Israeliete en sê vir hulle: Ek is die Here julle God.

³Julle mag nie maak soos die Egiptenaars by wie julle gewoon het, of soos die Kanaäniete na wie se land toe Ek julle bring nie. Julle mag hulle gebruike nie navolg nie.

⁴Julle moet my bepalings nakom en my voorskrifte gehoorsaam deur daarvolgens te lewe. Ek is die Here julle God.

⁵Wees gehoorsaam aan my voorskrifte en bepalings. Wie dit doen, sal lewe. Ek is die Here.

⁶“Niemand van julle mag met 'n naby bloedverwant geslagsgemeenskap hê nie. Ek is die Here.

- ⁷“Jy mag nie jou pa die skande aandoen dat jy met jou ma gemeenskap het nie. Sy is tog immers jou ma. Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie.
- ⁸“Jy mag ook nie met 'n ander vrou van jou pa gemeenskap hê nie. Dit sal skande oor jou pa bring.
- ⁹“Jy mag nie met jou suster gemeenskap hê nie, ook nie met 'n halfsuster aan vaderskant of aan moederskant nie, of hulle nou deel is van die gesin of nie.
- ¹⁰“Jy mag nie met jou kleindogter gemeenskap hê nie, want sy is jou nageslag.
- ¹¹“Jy mag nie met 'n halfsuster aan vaderskant gemeenskap hê nie, want sy is jou suster.
- ¹²“Jy mag nie met jou tante aan vaderskant gemeenskap hê nie, want sy is jou pa se bloedverwant.
- ¹³“Jy mag nie met jou tante aan moederskant gemeenskap hê nie, want sy is jou ma se bloedverwant.
- ¹⁴“Jy mag nie jou oom die skande aandoen dat jy met sy vrou gemeenskap het nie. Sy is immers jou tante.
- ¹⁵“Jy mag nie met jou skoondogter gemeenskap hê nie. Sy is jou seun se vrou. Jy mag nie met haar gemeenskap hê nie.
- ¹⁶“Jy mag nie met jou skoonsuster gemeenskap hê nie, want dit sal skande oor jou broer bring.
- ¹⁷“Jy mag nie gemeenskap hê met 'n vrou en met haar dogter nie. Jy mag die vrou nie die skande aandoen dat jy met 'n kleindogter van haar trou nie. Hulle is haar nageslag en dit sal 'n afstootlike daad wees.
- ¹⁸“Solank jou vrou lewe, mag jy nie met haar suster trou nie. Daar sal vyandskap tussen hulle ontstaan as jy met albei gemeenskap het.
- ¹⁹“Jy mag nie met 'n vrou gemeenskap hê terwyl sy menstrueer en dus onrein is nie.
- ²⁰“Jy mag nie met jou naaste se vrou gemeenskap hê en jouself só verontreinig nie.

²¹“Jy mag nie een van jou kinders wy aan Molek en só die Naam van jou God ontheilig nie. Ek is die Here.

²²“Jy mag nie 'n homoseksuele verhouding hê nie. Dit is 'n afstootlike sonde.

²³“Jy mag met geen dier geslagsgemeenskap hê en jouself so besoedel nie. 'n Vrou mag dit ook nie doen nie. Dit is iets afskuweliks.

²⁴“Julle moet julle op geen van hierdie maniere verontreinig nie, want dit is wat die heidene gedoen het wat Ek voor julle verdryf.

²⁵Hulle het die land verontreinig en Ek het die land daarvoor gestraf sodat hy sy bewoners uitgespoeg het.

²⁶Julle almal, die gebore Israeliete en die vreemdelinge by julle, moet my voorskrifte en bepalinge gehoorsaam. Julle mag geen van dié afstootlike dinge doen nie.

²⁷Omdat die vorige inwoners hierdie afstootlike dinge gedoen het, is die land verontreinig.

²⁸As julle die land verontreinig, sal hy julle ook uitspoeg soos hy die heidene vóór julle uitgespoeg het.

²⁹Elkeen wat enige van hierdie afstootlike dinge doen, sal van sy volksgenote afgesny word!

³⁰Wees gehoorsaam aan wat Ek julle beveel. Vermoed die afstootlike gebruike van die vorige inwoners en hou julleself rein. Ek is die Here julle God.”

Levitikus 19

Ek is die Here julle God

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Praat met die hele gemeente Israel en sê vir hulle: Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig.

³Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa. Julle moet my gebooi oor die sabbat gehoorsaam. Ek is die Here julle God.

⁴Julle mag nie afgode dien nie en julle mag nie vir julle afgodsbeelde maak nie. Ek is die Here julle God.

⁵“Wanneer julle 'n maaltydoffer vir My, die Here, slag, moet julle dit so doen dat julle vir My aanneemlik is:

⁶julle moet die vleis eet op die dag wanneer julle slag, of hoogstens die volgende dag. Wat oorbly tot die derde dag, moet verbrand word.

⁷Wie daarvan op die derde dag eet, eet iets onreins. Dit is nie vir My aanneemlik nie.

⁸Wie daarvan eet, is skuldig, want hy ontheilig wat aan die Here gewy is. So iemand sal van sy volksgenote afgesny word.

⁹“Wanneer julle julle lande afoes, moet julle nie die wenakkers afoes nie en ook nie die are wat bly lê, agterna optel nie.

¹⁰Julle moet ook nie die wingerde 'n tweede keer oes of die korrels wat val, optel nie. Laat dit alles bly vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.

¹¹“Julle mag nie steel nie en julle mag nie lieg of mekaar bedrieg nie.

¹²Julle mag nie 'n vals eed aflê in my Naam en so die Naam van julle God ontheilig nie. Ek is die Here.

¹³“Jy mag nie jou naaste uitbuit of hom beroof nie. Jy mag nie 'n dagloner se loon terughou tot die volgende dag nie.

¹⁴Uit eerbied vir jou God mag jy nie 'n dowe vloek of 'n hindernis in die pad van 'n blinde lê nie. Ek is die Here.

¹⁵“Jy mag nie onregverdig wees in die regspraak nie: jy mag nie partydig wees vir dié wat geen aansien het nie of die vooraanstaande bevoordeel nie. Oordeel regverdig oor jou naaste.

¹⁶Jy mag nie loop en skinder nie, jy mag nie jou medemens se lewe in gevaar stel nie. Ek is die Here.

¹⁷“Jy mag nie haatdraend wees teenoor jou volksgenoot nie. Maak die geskil openlik met hom uit, moenie wat hy verkeerd gedoen het, teen hom bly hou nie.

¹⁸Jy mag nie wraak neem of 'n grief koester teenoor jou volksgenoot nie, jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Ek is die Here.

¹⁹“Julle moet my voorskrifte gehoorsaam. Moenie verskillende soorte diere kruis of verskillende soorte saad in een land saai of 'n kledingstuk van verskillende soorte materiaal dra nie.

²⁰“Wanneer die eienaar van 'n slavin reeds 'n ooreenkoms aangegaan het waarvolgens iemand anders haar as byvrou koop, en die eienaar het met haar gemeenskap voordat die prys betaal is en voordat hy van haar afstand gedoen het, moet hy aan die toekomstige eienaar skadevergoeding betaal. Hulle mag nie die doodstraf opgelê word nie, want hy het nog beskikkingsreg oor haar.

²¹Verder moet hy as skuldoffer vir die Here 'n ram bring na die ingang van die tent van ontmoeting toe.

²²Die priester moet met die skuldofferram vir die eienaar van die slavin versoening doen by die Here oor die sonde wat gedoen is. Die sonde sal dan vergewe word.

²³“Wanneer julle julle in die land vestig en allerhande soorte vrugtebome plant, mag julle drie jaar lank glad nie die vrugte pluk nie. Die vrugte is vir julle verbode. Dit mag nie geëet word nie.

²⁴Die vierde jaar moet al die vrugte as 'n gawe van dankbaarheid aan die Here gewy word.

²⁵Van die vyfde jaar af mag julle die vrugte gebruik. Julle sal dan goeie opbrengste hê. Ek is die Here julle God.

²⁶“Julle mag nie aan heidense offermaaltye deelneem nie. Julle mag nie waarsêery en towery beoefen nie.

27-28 Julle mag nie heidense rougebruike navolg deur die hare voor die ore en die wangbaard te knip of deur snye en tatoeëermerke op julle liggame te maak nie. Ek is die Here.

29 “Niemand van julle mag sy dogter die skande aandoen om haar 'n tempelprostituut te laat word nie. Dit lei tot hoerery en afskuwelike sondes in die land.

30 Julle moet my gebooie oor die sabbat gehoorsaam en eerbied hê vir my heiligdom. Ek is die Here.

31 Moenie hulp soek by geeste of waarsêers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here julle God.

32 “Uit eerbied vir jou God moet jy eerbied bewys aan oumense en hulle met respek behandel. Ek is die Here.

33 “Wanneer daar 'n vreemdeling by julle in julle land woon, mag julle hom nie onderdruk nie.

34 Julle moet hom soos 'n medeburger behandel en hom liefhê soos julleself. Julle was immers self ook vreemdelinge in Egipte. Ek is die Here julle God.

35 “Julle mag nie bedrog pleeg wanneer julle meet of weeg of inhoud bepaal nie.

36 Julle moet 'n betroubare skaal en die regte gewigte en inhoudsmate gebruik. Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.

37 Gehoorsaam al my voorskrifte en bepalings en leef daarvolgens. Ek is die Here.”

Levitikus 20

1 Die Here het vir Moses gesê:

2 “Sê vir die Israeliete: Elke Israeliet en vreemdeling in Israel wat sy kind aan Molek wy, moet met die dood gestraf word: die burgers moet hom met klippe doodgooi,

³anders sal Ek self teen so iemand optree en hom van sy volksgenote afsny omdat die wyding van 'n kind aan Molek my heiligdom onrein maak en my heilige Naam ontheilig.

⁴As die burgers hulle oë sluit vir so 'n oortreding en nie die skuldige doodmaak nie,

⁵sal Ek self ingryp en so iemand en sy familie sowel as almal wat saam met hom ontrou is en vir Molek dien, van sy volksgenote afsny.

⁶Enigiemand wat aan My ontrou is deur hulp te soek by geeste of waarsêers, teen hom sal Ek optree: Ek sal hom van sy volksgenote afsny.

⁷Wy julle aan My. Wees heilig, want Ek is die Here julle God.

⁸Gehoorsaam my voorskrifte en leef daarvolgens. Ek is die Here, Ek heilig julle aan My.

⁹“Wanneer iemand sy pa of sy ma vloek, moet hy doodgemaak word. Hy het sy pa of sy ma gevloek en hy verdien die dood.”

Oor seksuele verhoudings

¹⁰“Iemand wat egbreuk pleeg met die vrou van 'n medeburger, moet doodgemaak word. Dit geld vir die man en ook vir die vrou wat egbreuk pleeg.

¹¹Iemand wat gemeenskap het met een van sy pa se vrouens, bring skande oor sy pa. Hy en die vrou moet albei doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

¹²Iemand wat met sy skoondogter gemeenskap het, moet doodgemaak word, en sy ook. Hulle het iets afskuweliks gedoen. Hulle verdien die dood.

¹³“Twee mans wat homoseksueel verkeer, doen 'n afskuwelike sonde. Hulle moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

¹⁴Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou, begaan 'n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie 'n vuurdood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie.

¹⁵“'n Man wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet doodgemaak word, en die dier ook.

¹⁶'n Vrou wat met 'n dier geslagsgemeenskap het, moet doodgemaak word, en die dier ook. Sulke mense moet doodgemaak word. Hulle verdien die dood.

¹⁷“As 'n man met sy suster of halfsuster se toestemming gemeenskap met haar het, is dit 'n skandelijke daad. Hulle moet in die openbaar van hulle volksgenote afgesny word. Hy het skande oor sy suster gebring en moet die gevolge dra.

¹⁸As 'n man met die toestemming van 'n vrou wat menstrueer, gemeenskap met haar het, moet albei afgesny word van hulle volksgenote.

¹⁹“Niemand mag gemeenskap hê met sy tante aan moederskant of aan vaderskant nie, want sy is 'n naaste bloedverwant. As dit gebeur, moet albei gestraf word.

²⁰As iemand met sy oom se vrou gemeenskap het, bring hy skande oor sy oom. Die man en die vrou moet die gevolge dra: hulle sal sterf as mense wat alle regte verbeur het.

²¹As 'n man sy broer se vrou afneem, is dit 'n skandelijke daad. Die man het skande oor sy broer gebring. Die man en die vrou verbeur al hulle regte.

²²“Julle moet al my voorskrifte en bepalings gehoorsaam en dit uitvoer. As julle dit nie doen nie, sal die land waarheen Ek julle laat trek om daar te woon, julle uitspoeg.

²³Julle mag nie die gebruike van die nasies wat Ek voor julle gaan uitdryf, navolg nie. Ek het juis 'n afsku van hulle gekry omdat hulle al hierdie dinge doen.

²⁴Ek het julle belowe dat julle hulle land in besit sal neem. Dit is Ek wat hierdie land aan julle gee om dit in besit te neem, 'n land wat oorloop van melk en heuning. Ek is die Here julle God, Ek het julle afgesonder van die ander volke.

²⁵Daarom moet julle by diere en voëls onderskeid maak tussen rein en onrein. Julle mag julle nie besoedel met die diere of voëls of met enigiets wat op die aarde kruip wat Ek afgesonder het as dinge waardeur julle onrein gemaak word nie.

²⁶Julle moet heilig lewe, want Ek die Here is heilig. Ek het julle afgesonder uit die volke om aan My te behoort.

²⁷Enige mens wat hom ophou met die oproep van geeste of met beswering, moet doodgemaak word. Hy moet met klippe doodgegooi word. Hy verdien die dood.”

Levitikus 21

Die priester moet heilig wees

¹Die Here het vir Moses gesê: “Sê vir die Aäronitiese priesters: 'n Priester mag hom nie verontreinig deur naby 'n lyk te kom nie, al is die oorledene ook 'n familielid.

²Hy mag dit slegs doen in die geval van 'n naaste bloedverwant van hom: sy ma of pa, sy seun of dogter, sy broer

³of 'n eie suster as sy 'n ongetroude jongmeisie is.

⁴Hy mag hom nie verontreinig deur naby die lyk van 'n aangetroude familielid te kom nie.

⁵Priesters mag nie as teken van rou hulle hare of wangbaard afskeer of aan hulle liggame snymerke maak nie.

⁶Hulle moet aan hulle God alleen gewy wees en mag nie sy Naam ontheilig nie. Omdat hulle gedurig offers aan die Here hulle God bring, moet hulle gewyd bly.

⁷“'n Priester mag nie trou met 'n prostituut of met 'n meisie wat nie meer 'n maagd is nie. Hy mag ook nie met 'n geskeide vrou trou nie; hy is aan sy God gewy.

⁸“Jy moet die heiligheid van die priester erken, Israel! Hy is immers die een wat die offers vir jou God aanbied. Die priester moet vir jou heilig wees, want Ek die Here is heilig en Ek heilig julle.

⁹“As 'n priester se dogter haar ontwy deur te hoereer, ontwy sy ook haar pa. Sy moet verbrand word.

¹⁰Die hoëpriester op wie se kop olie uitgegiet is om hom te salf en wat georden is om die heilige klere te dra, mag glad nie rou deur sy hare onversorg te laat of sy klere te skeur nie.

¹¹Hy mag ook glad nie naby enige lyk kom nie, hy mag nie eens met die lyk van sy pa of ma verontreinig word nie.

¹²Hy mag nie die heiligdom verlaat met die oog op 'n sterfgeval nie, want hy kan dalk die heiligdom van sy God ontwy. As hoëpriester is hy met olie gesalf en dra hy die wydingsteken van sy God. Ek is die Here.

¹³Die hoëpriester mag net met 'n maagd trou.

¹⁴Met 'n weduwee, 'n geskeide vrou, 'n vrou wat nie meer 'n maagd is nie, of met 'n prostituut, mag hy nie trou nie. Hy mag alleen met 'n maagd uit sy eie stam trou,

¹⁵anders is sy nageslag ontwy. Ek, die Here, het hom geheilig.”

¹⁶Die Here het Moses ook beveel:

¹⁷“Sê vir Aäron: Geeneen van jou nakomelinge met 'n liggaamlike tekortkoming mag ooit 'n offer aan God bring nie.

¹⁸Geen persoon wat 'n liggaamlike tekortkoming het, mag offer nie: geen blinde of kreupele of iemand met 'n misvormde gesig of liggaamsdeel,

¹⁹of met 'n gebreekte voet of hand,

²⁰of met 'n boggel of 'n onderontwikkelde liggaam, of met 'n pêrel op die oog, of met skurfte of veluitslag, of 'n beskadigde geslagsdeel nie.

²¹Geen persoon uit die priestergeslag mag dus in die heiligdom ingaan om te offer as hy 'n liggaamlike tekortkoming het nie. Hy mag nie 'n offer vir die Here sy God bring as hy 'n liggaamlike tekortkoming het nie.

²²Maar hy mag van die gewyde gawes eet, ook van die besondere gewyde gawes.

²³Hy mag egter nie naby die voorhangsel of naby die altaar kom as hy 'n liggaamlike tekortkoming het nie. Ek, die Here, het hierdie dinge geheilig en dit mag nie ontheilig word nie.”

²⁴Moses het dit toe vir Aäron en sy seuns en vir al die Israëliete gesê.

Levitikus 22

Oor die eet van die gewyde gawes

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir Aäron en sy seuns hulle moet versigtig omgaan met die gewyde gawes wat die Israëliete aan My wy, sodat hulle nie my heilige Naam ontheilig nie. Ek is die Here.

³Sê vir hulle: Nie een van julle of julle nakomelinge mag ooit van die gewyde gawes wat die Israëliete aan My wy, gebruik terwyl hy onrein is nie. Die persoon wat dit doen, mag nooit weer in my teenwoordigheid diens doen nie. Ek is die Here.

⁴“Geen priester uit die geslag van Aäron wat 'n velsiekte of 'n afskeiding het wat hom onrein maak, mag van die gewyde gawes eet voordat hy weer rein is nie. As 'n priester aan enigiets geraak het wat deur 'n lyk verontreinig is, of as hyself 'n saadvloeiing gehad het

⁵of aan enige dier of persoon geraak het wat hom op enige manier onrein maak,

⁶is hy die res van die dag onrein en mag hy nie van die gewyde gawes eet nie. Eers nadat hy gebad het

⁷en die son onder is, is hy weer rein. Daarna moet hy toegelaat word om van die gewyde gawes te eet, want dit is al kos wat hy het.

⁸Hy mag nie die vleis eet van 'n dier wat gevrek het of wat deur roofdiere verskeur is nie. Dit maak hom onrein. Ek is die Here.

⁹“Die priesters moet my bevel gehoorsaam en nie sondig nie. Hulle sal sterf as hulle die gewyde gawes ontwy. Ek, die Here, heilig die priesters.

¹⁰“Geen onbevoegde persoon mag van die gewyde gawes eet nie, ook nie 'n bywoner of dagloner van 'n priester mag daarvan eet nie.

¹¹Slawe wat deur die priester gekoop is, of dié wat van geboorte af deel is van sy huishouding, mag wel eet van die kos wat hy ontvang.

¹²Wanneer 'n priester se dogter trou met iemand wat nie lid is van die priesterfamilie nie, mag sy nie langer van die gewyde gawes eet nie.

¹³“As so 'n dogter egter 'n weduwee word of van haar man skei en sy geen kinders het nie, mag sy weer by haar pa gaan inwoon soos toe sy 'n jongmeisie was en kan sy ook van die kos eet wat hy ontvang. Geen onbevoegde persoon mag egter van die gewyde gawes eet nie.

¹⁴“As 'n onbevoegde persoon per ongeluk van die gewyde gawes eet, moet hy die waarde daarvan plus twintig persent aan die priester uitbetaal.

¹⁵“Die priesters moet egter toesien dat die gewyde gawes wat die Israeliete aan die Here gee, nie ontwy word nie.

¹⁶Hulle mag nie toelaat dat onbevoegde persone van die gewyde gawes eet nie, want dan sal hulle straf oor hulleself bring. Ek, die Here, heilig die priesters.”

Offers moet vir die Here aanneemlik wees

¹⁷Die Here het vir Moses gesê:

¹⁸⁻¹⁹“Sê vir Aäron, vir sy seuns en vir al die Israeliete: Wanneer enige Israeliet of vreemdeling in Israel aan die Here 'n brandoffer wil bring, moet dit vir die Here aanneemlik wees, of dit nou bedoel is om geloftes na te kom en of dit bedoel is as vrywillige offers. Dit moet 'n bul, 'n skaapram of 'n bokram wees en sonder liggaamsgebrek.

²⁰Geen dier wat 'n liggaamlike tekortkoming het, mag geoffer word nie, want die Here sal dit nie van julle aanneem nie.

²¹Wanneer iemand 'n maaltydoffer aan die Here bring om 'n gelofte na te kom of as 'n vrywillige offer, is 'n bees of 'n stuk kleinvee sonder liggaamsgebrek aanneemlik. Die dier mag nie enige liggaamlike tekortkominge hê nie:

²²dit mag nie blind wees of 'n afpoot hê of 'n seerplek of vratties of brandsiek of enige velkwaal nie. Só 'n dier mag julle nie vir die Here aanbied en op die altaar bring as 'n offergawe vir Hom nie.

²³As vrywillige gawes mag julle wel beeste of kleinvee met misvormde liggaamsdele offer, maar sulke diere mag nie gebruik word om 'n gelofte na te kom nie.

²⁴Julle mag nie 'n os of 'n hamel aan die Here offer nie, ongeag die manier waarop dit gekastreer is. Sulke offers mag julle in julle land nie bring nie.

²⁵Julle mag ook nie 'n os of 'n hamel wat julle by 'n uitlander kry, aan julle God offer nie. Sulke diere is vermink, hulle het 'n liggaamlike tekortkoming, en die Here sal dit nie van julle aanneem nie.”

²⁶Die Here het vir Moses gesê:

²⁷“'n Kalf of 'n skaaplam of 'n boklam wat aankom, moet 'n week lank by sy ma bly. Van die agste dag af is die diertjie aanneemlik as 'n offergawe aan die Here.

²⁸'n Kalf of 'n lam mag nie op dieselfde dag as sy ma geoffer word nie.

²⁹“Wanneer julle 'n dankoffer aan die Here bring, moet julle dit so doen dat dit vir die Here aanneemlik is.

³⁰Julle moet die offervleis dieselfde dag opeet en niks laat oorbly tot die volgende dag nie. Ek is die Here.

³¹“Gehoorzaam my gebooie en voer dit uit. Ek is die Here.

³²“Julle mag nie my heilige Naam ontheilig nie. Die hele Israel moet My as die Heilige erken. Ek, die Here, heilig julle.

³³Ek het julle uit Egipte gebring sodat Ek julle God kan wees. Ek is die Here.”

Levitikus 23

Feeste tot eer van die Here

(Vgl. Num. 28:16 -- 29:40)

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Die feeste wat julle tot my eer moet vier, moet gewyde byeenkomste wees. Die volgende is my feeste:

³“Ses dae moet julle werk, maar die sewende dag is 'n rusdag, 'n sabbat waarop julle 'n gewyde byeenkoms moet hou. Dan mag julle geen werk doen nie. Julle moet die sabbat aan die Here wy, waar julle ook al woon.

⁴“Verder is daar ook die volgende feeste tot my eer, gewyde byeenkomste wat julle op vasgestelde tye moet vier:

⁵“Op die veertiende van die eerste maand teen skemer moet julle die paasfees vier tot eer van die Here.

⁶Op die vyftiende van dieselfde maand begin die fees van ongesuurde brood tot eer van die Here. Sewe dae moet julle ongesuurde brood eet.

⁷Op die eerste dag moet julle 'n gewyde byeenkoms hou: julle mag dan geen werk doen nie.

⁸Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Die sewende dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou, en niemand mag werk nie.”

⁹Die Here het verder vir Moses gesê:

¹⁰“Sê vir die Israeliete: Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, en julle samel die graanoes in, moet elkeen die eerste ryp are van sy oes na die priester toe neem.

¹¹Hy moet die are as beweegoffer vir My, die Here, aanbied sodat julle vir My aanneemlik sal wees. Die priester moet dit die dag ná die sabbat doen.

¹²Wanneer julle die are as beweegoffer aanbied, moet julle ook 'n jaaroud lam sonder liggaamsgebrek as brandoffer aan die Here bring,

¹³sowel as 'n graanoffer van drie kilogram meel aangemaak met olyfolie. Dit is 'n offer wat deur My, die Here, aanvaar word. Daarby moet een liter wyn as drankoffer gebring word.

¹⁴Voor hierdie dag waarop julle die offer aan julle God bring, mag julle nog niks van die nuwe graan gebruik nie, nie gebak of gebraai of rou nie. Dit moet 'n vaste instelling vir julle hele nageslag wees, waar julle ook al woon.

¹⁵“Van die dag ná die sabbat af, die dag waarop julle die are as beweegoffer vir die Here aanbied, moet julle sewe volle weke tel.

¹⁶Die dag ná die sewende sabbat, op die vyftigste dag, moet julle vir die Here 'n graanoffer bring uit die pas geoeste graan.

¹⁷Elke gesin moet twee brode vir 'n beweegoffer na die heiligdom toe bring. Dit moet van drie kilogram meel met suurdeeg gebak wees en is 'n gawe aan die Here uit die eerste opbrengs van die oes.

¹⁸Behalwe al die brode moet daar ook sewe jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek, 'n jong bul en twee ramme gebring word. Hulle moet as brandoffers aan die Here gebring word met die graanoffer en die drankoffers wat daarby behoort. Dit is 'n offer wat deur My, die Here, aanvaar word.

¹⁹Julle moet ook 'n bokram as sondeoffer bring en twee jaaroud lammers as maaltydoffer.

²⁰Die priester moet die twee lammers saam met die brode uit die eerste opbrengs van die oes as beweegoffer vir die Here aanbied. Dit is 'n gewyde gawe aan die Here en dit kom die priesters toe.

²¹Op hierdie dag moet julle 'n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie. Dit moet vir altyd 'n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon.

²²“Wanneer julle julle lande oes, moet julle nie die wenakkers afoes of die are wat bly lê, optel nie. Julle moet dit los vir die armes en die vreemdelinge. Ek is die Here julle God.”

²³Die Here het vir Moses gesê:

²⁴“Sê vir die Israeliete: Die eerste dag van die sewende maand moet 'n rusdag wees, 'n gedenktag wat met die blaas van ramshorings aangekondig word, 'n gewyde byeenkoms.

²⁵Niemand mag dan werk nie en julle moet offers aan die Here bring.”

²⁶Die Here het vir Moses gesê:

²⁷“Op die tiende van die sewende maand is dit die versoendag. Julle moet dan 'n gewyde byeenkoms hou, en julle moet vas en aan die Here offers bring.

²⁸Niemand mag op dié dag werk nie, want dit is die versoendag waarop daar vir julle versoening gedoen word by die Here julle God.

²⁹Enigiemand wat nie vas op hierdie dag nie, moet van sy volksgenote afgesny word

³⁰en Ek sal elkeen wat op hierdie dag werk, om die lewe bring.

³¹Julle mag geen werk doen nie. Hierdie dag moet vir altyd 'n vaste instelling wees, waar julle of julle nageslag ook al woon.

³²Dit moet vir julle 'n plegtige rusdag wees waarop julle vas. Julle moet rus van sonder af op die negende van die maand tot sonder op die tiende.”

³³Die Here het vir Moses gesê:

³⁴“Sê vir die Israeliete: Van die vyftiende van die sewende maand af moet julle sewe dae lank die huttefees vier tot eer van die Here.

³⁵Op die eerste dag van die fees moet julle 'n gewyde byeenkoms hou. Niemand mag dan werk nie.

³⁶Sewe dae lank moet julle offers aan die Here bring. Op die agste dag moet julle weer 'n gewyde byeenkoms hou en offers aan die Here bring. Dit moet 'n besondere feesdag wees. Niemand mag dan werk nie.

³⁷“Dit is die feestye wat deur die Here bepaal is, die tye waarop julle gewyde byeenkomste moet hou om offers aan die Here te bring: brandoffers en graanoffers, maaltydoffers en drankoffers soos vir elke feesdag voorgeskryf.

³⁸Daarnaas is daar nog die gewone sabbatte van die Here, die gewone geskenke aan die heiligdom en al die offers wat julle bring om geloftes na te kom of wat julle vrywillig aan die Here gee.

³⁹“Julle moet dus op die vyftiende van die sewende maand wanneer julle die vrugteoes insamel, sewe dae lank die fees van die Here vier. Die eerste en die agste dag moet rusdae wees.

⁴⁰Op die eerste dag moet julle sitrusvrugte neem saam met palmblare en takke van digte bome en rivierwilgers, en dan moet julle sewe dae lank met vreugde feesvier by die heiligdom van die Here julle God.

⁴¹Julle moet hierdie fees van die Here elke jaar sewe dae lank vier. Dit moet 'n vaste instelling wees vir julle nageslag. Julle moet dit in die sewende maand vier.

⁴²Sewe dae lank moet julle in hutte woon, alle gebore Israeliete moet dan in hutte woon.

⁴³Die doel daarmee is dat julle nageslag moet weet dat Ek die Israeliete in hutte laat woon het toe Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God.”

⁴⁴Moses het toe aan die Israeliete die bevele gegee oor die feestye wat deur die Here bepaal is.

Levitikus 24

Die sorg vir die lampe

(Vgl. Eks. 27:20-21)

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Beveel die Israeliete om vir jou van die suiwerste olyfolie te bring vir die lamp in die heiligdom, sodat daar gereeld lig kan wees.

³Aäron moet sorg dat daar dwarsdeur die nag 'n lig brand in die tent van ontmoeting, voor die voorhangsel waaragter die ark met die getuienis is en waar die Here teenwoordig is. Dit is 'n vaste voorskrif ook vir julle nageslag.

⁴Aäron moet die lampe van die goue kandelaar gereeld versorg voor die Here.”

Die offerbrood

⁵“Jy moet koringmeel vat en twaalf ringbrode daarvan bak. Elke brood moet van drie kilogram meel gebak word.

⁶Pak dit in twee stapels van ses elk op die goue tafel voor die Here.

⁷Sit dan op elke stapel 'n bakkie suiwer wierook. Die wierook is 'n offer van die Here in die plek van die brood.

⁸Die brood moet gereeld op elke sabbat daar voor die Here vervang word. Dit is 'n verpligting wat vir altyd op die Israeliete rus.

⁹Die brood kom Aäron en sy seuns toe. Hulle moet dit op 'n gewyde plek eet, want dit is 'n besondere gewyde gawe. Dit is 'n deel wat hulle altyd moet kry uit die offers wat aan die Here gebring word.”

Straf vir laster, en ander strawwe

¹⁰⁻¹¹Daar was 'n man tussen die Israeliete wat 'n Egiptiese pa en 'n Israelitiese ma gehad het. Sy ma se naam was Selomit. Sy was 'n dogter van Dibri, uit die stam Dan. Dié man het in die kamp met 'n man van suiwer Israelitiese afkoms in 'n woordewisseling betrokke geraak en die Godsnaam lasterlik gebruik. Hy is toe na Moses toe gevat

¹²en gevange gehou. Intussen is 'n beslissing van die Here oor die saak afgewag.

¹³Die Here het toe vir Moses gesê:

¹⁴“Vat die man wat gelaster het, uit die kamp uit. Laat almal wat hom hoor laster het, hulle hande op sy kop sit, en laat die hele gemeente hom daarna met klippe doodgooi.

¹⁵Sê dan vir die Israeliete: Elkeen wat vir God laster, sal die straf daarvoor kry.

¹⁶Wie die Naam van die Here oneerbiedig gebruik, moet die doodstraf kry. Die hele gemeente moet hom met klippe doodgooi. Dit geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge: wie die Godsnaam oneerbiedig gebruik, moet sterf.

¹⁷“Iemand wat moord pleeg, moet die doodstraf kry.

¹⁸As iemand 'n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang. Die beginsel is: 'n lewe vir 'n lewe.

¹⁹“As iemand 'n medemens beseer, moet aan hom presies dieselfde gedoen word:

²⁰as hy iemand se been gebreek het, moet sý been ook gebreek word; as hy iemand se oog beskadig het, moet sý oog ook beskadig word; as hy iemand se tand uitgeslaan het, moet sý tand ook uitgeslaan word. Daar moet aan hom gedoen word wat hy aan sy medemens gedoen het.

²¹“As iemand 'n ander se dier doodmaak, moet hy dit vervang, maar as iemand 'n moord pleeg, moet hy die doodstraf kry.

²²Hierdie beginsel geld vir gebore Israeliete en vir vreemdelinge, want Ek, die Here, is julle God.”

²³Moses het dit toe vir die Israeliete gesê. Hulle het die man wat gelaster het, uit die kamp gevat en hom met klippe doodgegooi. So het die Israeliete die bevel wat die Here vir Moses gegee het, uitgevoer.

Levitikus 25

Sabbatsjaar en hersteljaar

¹Die Here het vir Moses by Sinaiberg gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Wanneer julle in die land kom wat Ek aan julle gee, moet daar vir die land rustye wees tot eer van die Here:

³ses jaar kan julle die lande saai en die wingerde snoei en die opbrengs oes,

⁴maar die sewende jaar moet die hele land 'n rustyd hê, 'n sabbatsjaar tot eer van die Here. Dan mag julle niks saai nie en ook nie die wingerde snoei nie.

⁵Julle mag selfs nie die opslaggraan of die druiwetrosse van die ongesnoeide wingerde afoes nie. Dit moet vir die land 'n jaar van algehele rus wees.

⁶⁻⁷Dit moet vir julle 'n jaar van algehele rus wees. Julle, julle slawe, julle slavinne, julle dagloners en die bywoners in julle land sowel as julle diere en die wild moet dan leef van wat die veld oplewer.

⁸“Tel sewe sabbatsjare af, sewe maal sewe jaar, dit wil sê nege en veertig jaar.

⁹Laat dan ramshorings blaas op die tiende van die sewende maand op die versoendag. Die ramshorings is die teken dat almal in die land

¹⁰die jaar van die vyftigste landbouseisoen op 'n besondere wyse aan die Here moet wy. Daar moet 'n landswye afskrywing van skuld geproklameer word. Dit moet vir almal 'n hersteljaar wees: elke Israeliet moet sy grond terugkry en mag na sy familie toe teruggaan.

¹¹Hierdie vyftigste landbouseisoen moet julle hersteljaar wees. Julle mag nie saai nie en ook nie die opslaggraan of ongesnoeide wingerde afoes nie,

¹²maar julle moet eet van wat die veld opgelewer het: die hersteljaar is 'n gewyde jaar.

¹³“In die hersteljaar moet elkeen sy grond terugkry.

¹⁴Wanneer julle grond verkoop of koop, moet julle mekaar nie uitbuit nie.

¹⁵Die koop- of verkoopprijs moet bepaal word volgens die aantal oeste wat die stuk grond kan oplewer tot die volgende hersteljaar.

¹⁶As dit lank voor die volgende hersteljaar is, moet die prys hoër wees, maar as daar min jare oor is, moet die prys laer wees, want in werklikheid word alleen die opbrengs tot die volgende hersteljaar verkoop.

¹⁷Uit eerbied vir julle God mag julle mekaar nie uitbuit nie. Ek is die Here julle God.

¹⁸“Julle moet my voorskrifte nakom en my bepalings gehoorsaam. As julle dit doen, sal julle sonder sorg in die land kan woon.

¹⁹Die grond sal goeie oeste lewer, en julle sal oorgenoeg hê om te eet sodat julle sonder sorg in die land kan woon.

²⁰Julle kan julle miskien afvra waarvan julle elke sewende jaar moet leef, aangesien julle nie mag saai of 'n oes insamel nie.

²¹Ek sal aan julle oorvloed gee in die sesde jaar sodat die oes groot genoeg sal wees vir drie jaar.

²²Wanneer julle in die agste jaar weer saai, sal julle nog steeds die oes van die sesde jaar gebruik. Julle sal selfs genoeg hê totdat julle in die negende jaar die oes insamel.

²³“Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My.

²⁴Verder moet die reg om grond terug te koop, oral en altyd geld.

²⁵Wanneer 'n Israeliet deur armoede verplig was om van sy grond te verkoop, moet die naaste manlike familielid dit vir die eienaar terugkoop.

²⁶Wanneer daar nie iemand is wat dit kan terugkoop nie, kan dit gebeur dat die persoon later self genoeg geld bymekaarmaak om die grond terug te koop.

²⁷Die aantal jare wat verloop het sedert die kooptransaksie moet dan in berekening gebring word en die oorspronklike eienaar moet die koper slegs uitbetaal vir die seisoene wat nog oor is tot die volgende hersteljaar. Die oorspronklike eienaar kan dan weer sy grond in besit neem.

²⁸As hy egter nie genoeg geld bymekaarkry om die grond terug te koop nie, bly die koper in beheer daarvan tot die volgende hersteljaar. In die hersteljaar moet hy die grond ontruim en die oorspronklike eienaar moet dan weer sy grond in besit neem.

²⁹“Wanneer iemand 'n woonhuis in 'n ommuurde stad verkoop, moet hy 'n volle jaar lank die reg behou om dit terug te koop.

³⁰As hy nie binne een jaar van hierdie reg gebruik maak nie, verval sy aanspraak op die betrokke huis en word dit die wettige eiendom van die koper en sy erfgename. 'n Woonhuis in 'n ommuurde stad val dus nie terug in die hersteljaar nie.

³¹Woonhuise in dorpe wat nie mure om het nie, geld as deel van die platteland: die oorspronklike eienaar het die reg om dit enige tyd terug te koop, en in die hersteljaar val dit terug na hom.

³²In die Levietestede het die Leviete die onvervreembare reg om woonhuise waarvan hulle die oorspronklike eienaars was, terug te koop.

³³Wanneer 'n Leviet 'n huis wat hy in 'n Levietestad gekoop het, terugverkoop aan die oorspronklike eienaar wat nie 'n Leviet is nie, moet die huis in die hersteljaar terugval na die Leviet, want die huise in die Levietestede moet in Israel die eiendom van die Leviete wees.

³⁴Die weiveld om die Levietestede mag nooit verkoop word nie, want die Leviete het 'n onvervreembare reg daarop.

³⁵“Wanneer 'n mede-Israeliet só in die skuld raak by jou dat hy nie kan betaal nie, moet jy hom help soos jy 'n vreemdeling of 'n bywoner sou help, en hom by jou aan die lewe hou.

³⁶Jy mag hom geen rente van enige aard laat betaal nie. Uit eerbied vir jou God moet jy jou mede-Israeliet by jou aan die lewe hou.

³⁷As jy aan hom geld leen, moet dit dus rentevry wees, en as jy aan hom kos verskaf, moet dit teen kosprys wees.

³⁸Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat trek het om Kanaän aan julle te gee en om julle God te wees.

³⁹“Wanneer 'n mede-Israeliet in jou omgewing só in die skuld raak dat hy hom aan jou verkoop as slaaf, mag jy hom nie slawewerk laat doen nie.

⁴⁰Jy moet hom soos 'n dagloner of soos 'n bywoner behandel. Hy moet tot die hersteljaar in jou diens bly.

⁴¹Dan moet hy en sy afhanklikes as vry mense teruggaan na hulle familie en hulle familiegrond toe.

⁴²Omdat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het, is hulle my dienaars. Daarom mag hulle nie as slawe aan iemand verkoop word nie.

⁴³Uit eerbied vir julle God mag julle ook nie so 'n mede-Israeliet hard behandel nie.

⁴⁴Julle moet die slawe en slavinne wat julle nodig het, by die nasies rondom julle koop.

⁴⁵Julle mag ook die kinders van bywoners koop wat tydelik tussen julle woon of van bywonerfamilies wat al geslagte in die land is. Sulke slawe is julle wettige eiendom

⁴⁶wat deur julle aan julle kinders bemaak kan word as besittings en wat lewenslank hulle slawe sal wees. Julle mag egter nooit van julle mede-Israeliete slawe maak nie.

⁴⁷“Wanneer 'n vreemdeling of 'n bywoner in julle land ryk word, en 'n mede-Israeliet raak by so iemand in die skuld sodat hy hom as slaaf moet verkoop aan die nie-Israeliet of dié se nageslag,

⁴⁸het die Israeliet die reg om vrygekoop te word. Een van sy broers

⁴⁹of 'n oom of 'n neef of 'n ander manlike familielid kan hom vrykoop. As so 'n slaaf genoeg geld bymekaarkry, kan hy homself vrykoop.

⁵⁰In so 'n geval moet die bedrag waarteen hy as slaaf verkoop is en die getal jare van die tyd af dat hy verkoop is tot die volgende hersteljaar toe, in berekening gebring word. Hy moet dan krediet ontvang vir die jare wat hy reeds diens gedoen het en as dagloner sy skuld afgewerk het.

⁵¹As dit lank voor die hersteljaar is, sal die vrykoopprys dus 'n groot deel van die oorspronklike verkoopprys uitmaak.

⁵²As daar net 'n paar jaar oor is voor die hersteljaar, sal die vrykoopprys slegs 'n klein deeltjie van die oorspronklike verkoopprys wees.

⁵³Hy het soos 'n dagloner jaar na jaar vir die nie-Israeliet gewerk. Jy moet sorg dat hy nie hard behandel word nie.

⁵⁴As hy nie voor die tyd vrygekoop word nie, moet hy en sy afhanklikes vrygelaat word in die hersteljaar.

⁵⁵Dit moet gedoen word omdat die Israeliete my dienaars is. Hulle is my dienaars omdat Ek hulle uit Egipte laat trek het. Ek is die Here julle God.”

Levitikus 26

Seën en straf

¹“Julle mag vir julle geen gode maak nie. Julle mag geen beelde of klippilare oprig nie. Julle mag in julle land geen klippe met afbeeldings hê wat deur julle vereer word nie. Ek, die Here, is julle God.

²Julle moet my sabbatte vier en eerbied hê vir my heiligdom. Ek is die Here.

³“As julle my voorskrifte nakom, my gebooie gehoorsaam en daarvolgens lewe,

⁴sal Ek vir julle reën gee op die regte tyd, sodat die lande oeste sal lewer en die bome vrugte sal dra.

⁵Julle sal graan dors tot dit weer tyd is om vrugte te oes, en julle sal vrugte oes tot dit weer planttyd is. Julle sal oorgenoeg kos hê en sonder sorge in julle land woon.

⁶Ek sal vrede gee in die land sodat julle rustig kan slaap: Ek sal die ongediertes uitroei en daar sal nie oorlog in julle land kom nie.

⁷Julle sal julle vyande verdryf en om die lewe bring.

⁸Net vyf van julle soldate sal honderd van die vyand op loop jaag, en net honderd van julle sal tien duisend op loop jaag. Julle sal hulle om die lewe bring.

⁹Ek sal vir julle goed wees en julle vrugbaar maak sodat julle 'n groot nasie sal word. So sal Ek my verbond met julle nakom.

¹⁰Julle sal nie eens 'n vorige seisoen se graan kan opgebruik nie, julle sal dit moet weggooi om plek te maak vir die nuwe oes.

¹¹Ek sal by julle woon en nie 'n afsku van julle hê nie.

¹²Ek sal by julle bly en julle God wees, en julle sal my volk wees.

¹³Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat trek het sodat julle nie meer sy slawe hoef te wees nie. Ek het die juk wat julle moes dra, gebreek en julle vry gemaak.

¹⁴“As julle egter nie na My luister nie en nie alles doen wat Ek julle beveel het nie,

¹⁵as julle my voorskrifte en bepalings verwerp en met minagting behandel, sodat julle nie my bevele nakom nie en my verbond verbreek,

¹⁶sal Ek die volgende doen: Ek sal julle lewens vol angs maak. Julle sal geteister word deur toring en koors, siektes wat 'n mens blind maak en jou laat wegwyn. Julle sal tevergeefs saai, want julle vyande sal julle oeste opeet.

¹⁷Ek sal my rug vir julle draai sodat julle deur julle vyande verpletter sal word. Julle haters sal dit vir julle so ondraaglik maak dat julle sal vlug al word julle nie agtervolg nie.

¹⁸“As julle ná al hierdie dinge nog nie na My luister nie, sal Ek julle nog swaarder straf oor julle sondes:

¹⁹Ek sal alles waarop julle staatmaak, laat verdwyn. Daar sal geen druppel reën val nie: dit sal wees asof die hemel van yster en die grond van brons is.

²⁰Julle sal julle kragte tevergeefs inspan: daar sal geen oes op julle lande wees nie, en julle bome sal geen vrugte dra nie.

²¹“As julle My bly teenstaan en nie na My wil luister nie, sal Ek julle nóg swaarder straf, soos julle verdien oor julle sondes:

²²Ek sal roofdiere tussen julle loslaat, en hulle sal julle kinders vang en julle veetroppe uitroei. Hulle sal julle só uitdun dat die paaie verlate sal wees.

²³“As dit julle nie tot ander insigte bring nie en julle My nog bly teenstaan,

²⁴sal Ek julle ook teenstaan. Ek sal julle nog swaarder straf oor julle sondes:

²⁵Ek sal 'n oorlog oor julle bring. Dit sal die wraak wees oor julle ontrou aan my verbond. As julle veiligheid soek in julle stede, sal Ek pes onder julle loslaat sodat julle sal móét oorgee.

²⁶Ek sal julle meel so min laat word dat tien vrouens saam net genoeg sal hê vir een baksel. Die stukkie wat vir elkeen afgeweeg word, sal nie julle honger kan stil nie.

- ²⁷“As julle hierna nóg nie na My luister nie en My nog steeds teenstaan,
- ²⁸sal Ek julle in woede teenstaan. Ek sal julle nóg swaarder straf oor julle sondes:
- ²⁹julle sal die vleis van julle eie kinders moet eet!
- ³⁰Ek sal julle hoogtes verwoes en julle wierookaltaartjies vernietig. Ek sal so 'n afsku van julle hê dat Ek julle lyke bo-op julle lewelose afgodsbeelde sal gooi.
- ³¹Ek sal puinhope maak van julle stede, Ek sal julle heiligdomme verwoes, Ek sal geen offer van julle aanvaar nie.
- ³²Ek sal die land só verniel dat julle vyande wat daarin gaan woon, daaroor verstom sal staan.
- ³³Vir julle sal Ek met die swaard uitmekaar laat jaag en julle onder die heidennasies verstrooi. Julle land sal verlate wees en julle stede puinhope.
- ³⁴Wanneer die land dan verlate lê en julle in julle vyande se gebied is, sal die grond uiteindelik sy verdiende rusjare kry. Dan sal die land rus en die verlore sabbatsjare inhaal.
- ³⁵So lank as die land verlate is, sal dit die rus kry wat dit om die sewe jaar moes gehad het maar nooit gekry het toe julle dit bewoon het nie.
- ³⁶Dié van julle wat oorbly, sal Ek in die lande van hulle vyande in so 'n spanning laat leef dat die geritsel van 'n droë blaar hulle op die loop sal jaag. Hulle sal hardloop tot hulle neerslaan, asof iemand met 'n swaard agter hulle aan is, maar daar sal niemand wees nie!
- ³⁷Die vrees vir oorlog sal hulle oormekaar laat val om weg te kom van agtervolgers wat nie bestaan nie. “Julle sal geen krag hê om weerstand te bied teen julle vyande nie!
- ³⁸Julle sal tussen die heidennasies omkom, in die land van julle vyande sal julle sterf.

³⁹“Dié van julle wat daarna nog oor is, sal in die lande van julle vyande wegkwyne onder die selfverwyte oor hulle sonde. Hulle sal ook wegkwyne onder die wroeging oor die sondes van hulle voorvaders.

⁴⁰Hulle sal hulle sonde en dié wat hulle voorvaders teen My begaan het, bely. Hulle sal erken dat hulle My teengestaan het,

⁴¹dat Ek hulle ook teengestaan het en hulle na hulle vyande se land toe gevat het om te sien of hulle dan oor hulle ongehoorsaamheid berou sal kry en hulle skuld sal erken.

⁴²Wanneer hulle dit doen, sal Ek die beloftes wat Ek aan Jakob, aan Isak en aan Abraham gegee het, weer van krag maak. Ek sal my beloftes oor die land weer van krag maak.

⁴³Maar die land sal eers sonder sy mense verlate moet lê om die verlore rusjare in te haal. Hulle sal hulle skuld moet erken, dat hulle my bepalings verwerp het en my voorskrifte met minagting behandel het.

⁴⁴“En tog, al sou hulle ballinge word in die land van hulle vyande, sal Ek hulle nie so verwerp, so minag, dat hulle heeltemal sal verdwyn en dat my verbond met hulle tot niet sal gaan nie, want Ek is die Here hulle God.

⁴⁵Ek sal die belofte aan hulle voorouers wat Ek voor die oë van die nasies uit Egipte laat trek het, weer van krag maak, die belofte dat Ek hulle God sal wees. Ek is die Here.”

⁴⁶Die voorafgaande is die voorskrifte, bepalings en wette wat die Here deur Moses op Sinaïberg gegee het oor die verhouding tussen die Here en die Israeliete.

Levitikus 27

Loskoopwaardes

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete: Wanneer iemand in 'n gelofte 'n persoon aan die Here gewy het, en die persoon se loskoopwaarde moet vasgestel word,

³moet die volgende riglyne geld: 'n Man van twintig tot sestig jaar kan losgekoop word teen vyf honderd en sewentig gram silwer volgens die standaardgewig van die heiligdom.

⁴'n Vrou van dieselfde ouderdom teen drie honderd en veertig gram.

⁵Tussen vyf jaar en twintig jaar is die loskoopwaarde van 'n man twee honderd en dertig gram en van 'n meisie honderd en vyftien.

⁶Van 'n maand oud tot op vyf jaar is 'n seun se loskoopwaarde sewe en vyftig gram en 'n dogter s'n vier en dertig.

⁷Bo sestig is 'n man se loskoopwaarde honderd een en sewentig gram en 'n vrou s'n honderd en vyftien.

⁸As iemand wat 'n gelofte afgelê het, te arm is om hierdie loskoopwaarde te betaal, moet hy die persoon oor wie dit gaan, na die priester toe bring. Die priester moet die persoon dan deurkyk en 'n bedrag bepaal wat bekostig kan word deur die een wat die gelofte afgelê het.

⁹“As die gelofte gaan oor 'n rein dier wat aan die Here geoffer word, geld die reël dat 'n dier wat eenmaal aan die Here gegee is, sy eiendom word.

¹⁰So 'n dier mag dus nie vervang word met 'n dier van dieselfde kwaliteit of omgeruil word vir 'n slegter of selfs 'n beter dier nie. As iemand so 'n dier tóg probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom.

¹¹As die gelofte gaan oor 'n onrein dier wat nie aan die Here geoffer mag word nie, moet die dier na die priester toe gebring word.

¹²Hy moet dan die loskoopwaarde van die dier bepaal volgens sy kwaliteit. Die oordeel van die priester is in so 'n geval finaal.

¹³As die persoon self die dier wil terugkoop, moet hy twintig persent meer as die vasgestelde loskoopwaarde betaal.

¹⁴“Wanneer iemand sy huis vrywillig aan die Here wy, word dit die Here se eiendom. Die priester moet dan die loskoopwaarde daarvan bepaal volgens die

toestand van die gebou. Die oordeel van die priester is ook in hierdie geval finaal.

¹⁵As die persoon wat die huis gewy het, dit self weer wil terugkoop, moet hy twintig persent meer as die vasgestelde loskoopwaarde betaal. Dan is dit weer syne.

¹⁶“As iemand 'n deel van sy grond aan die Here wy, moet die loskoopwaarde bepaal word volgens die hoeveelheid saad wat gewoonlik op die stuk grond gesaai word: vir elke honderd kilogram gars is die loskoopwaarde vyf honderd en sewentig gram silwer.

¹⁷As hy die grond aan die Here wy gedurende die hersteljaar, geld die volle loskoopwaarde.

¹⁸Maar as hy die grond ná die hersteljaar wy, moet die priester die aantal seisoene wat oorbly tot die volgende hersteljaar in berekening bring en die loskoopwaarde dienoooreenkomstig verminder.

¹⁹As die persoon die grond wil terugkoop, moet hy twintig persent meer as die vasgestelde loskoopwaarde betaal. Dan is dit weer syne.

²⁰As hy die grond aan iemand anders verkoop sonder dat hy dit self teruggekoop het, kan hy dit nooit weer terugkoop nie.

²¹Met die hersteljaar word die grond dan, soos in die geval van grond wat as banoffer aan die Here gewy is, die eiendom van die Here. Dit word dan deel van die priesters se grond.

²²As iemand 'n stuk grond wat hy gekoop het, wat dus nie sy erfgrond is nie, aan die Here wy,

²³moet die priester die totale loskoopwaarde bereken wat die grond tot die volgende hersteljaar het. Die skenker moet dan dadelik die loskoopwaarde in kontant betaal. Dit behoort aan die Here.

²⁴In die hersteljaar val die grond dan weer terug na die persoon van wie dit oorspronklik gekoop is en wie se erfgrond dit is.

²⁵“Al hierdie loskoopwaardes moet vasgestel word volgens die standaardgewig van die heiligdom.

²⁶“Onthou dat die eerste kalf van 'n koei en die eerste lam van 'n bok of 'n skaap buitendien aan die Here behoort en dus nie as 'n vrywillige offer aan Hom gewy mag word nie.

²⁷Die eerste kleintjie van 'n onrein dier kan deur sy eienaar teruggekoop word vir die loskoopwaarde plus twintig persent. As hy dit nie wil terugkoop nie, moet dit verkoop word vir die loskoopwaarde.

²⁸“Onthou ook verder dat iets wat as banoffer aan die Here gewy is, nie verkoop mag word nie en ook nie losgekoop mag word nie. Dit maak nie saak of dit 'n mens of 'n dier of 'n stuk erfgrond is nie, dit is heilig en behoort net aan die Here.

²⁹'n Mens wat as banoffer aan die Here gewy word, mag nie losgekoop word nie. Hy moet doodgemaak word.

³⁰“Een tiende van al die produkte van die land behoort aan die Here, of dit nou graan of vrugte is. Dit is aan die Here gewy.

³¹As iemand daarvan wil terugkoop, moet hy die loskoopwaarde daarvan plus twintig persent betaal.

³²“Een tiende van die beeste en kleinvee behoort aan die Here. Die diere moet getel word, en al om die tiende dier wat verbykom, moet vir die Here afgekeer word.

³³Daar mag nie goeies of slegtes uitgesoek word nie, en 'n dier wat afgekeer is, mag nie omgeruil word nie. As iemand so 'n dier probeer omruil, word albei diere die Here se eiendom. Daar mag nie teruggekoop word nie.”

³⁴Die voorafgaande is die gebooie wat die Here deur Moses by Sinaiberg vir die Israeliete gegee het.

Numeri

Numeri 1

Israel word vir militêre diens getel

¹Die Here het met Moses gepraat in die tent van ontmoeting in die Sinaiwoestyn. Dit was op die eerste dag van die tweede maand, in die tweede jaar nadat Israel uit Egipte weggetrek het.

²⁻³Die Here het gesê: “Jy en Aäron moet al die Israeliete man vir man tel volgens afkoms en familie; skryf die name op van elke manlike persoon van twintig jaar en ouer, elkeen in Israel wat vir militêre diens geskik is en wat in leërafdelings ingedeel is.

⁴Julle moet hierin bygestaan word deur persone wat hoofde is van hulle families, een uit elke stam.

⁵En dit is die name van die manne wat vir julle moet bystaan: “uit die stam Ruben: Elisur seun van Sedeür;

⁶uit Simeon: Selumiël seun van Suri-Saddai;

⁷uit Juda: Nagson seun van Amminadab;

⁸uit Issaskar: Netanel seun van Suar;

⁹uit Sebulon: Eliab seun van Gelon;

¹⁰uit die nageslag van Josef, uit Efraim: Elisama seun van Ammihud, en uit Manasse: Gamliël seun van Pedasur;

¹¹uit die stam Benjamin: Abidan seun van Gidoni;

¹²uit Dan: Agiëser seun van Ammi-Saddai;

¹³uit Aser: Pagiël seun van Okran;

¹⁴uit Gad: Eljasaf seun van Reüel;

¹⁵uit Naftali: Agira seun van Enan.”

¹⁶Hulle was die manne wat uit die vergadering aangewys is, leiers van die stamme van hulle voorvaders en stamhoofde van Israel.

¹⁷Moses en Aäron het hierdie manne wie se name genoem is, laat kom.

¹⁸Op die eerste dag van die tweede maand het hulle toe die hele volk bymekaargeroep. Daarna het elke weerbare man sy afkoms volgens stam en familie opgegee, almal van twintig jaar en ouer.

¹⁹Moses het hulle in die Sinaiwoestyn getel, soos die Here hom beveel het.

²⁰⁻⁴³Die manlike afstammeling van die onderskeie stamvaders was:

van Ruben die oudste seun	
van Israel	46.500
van Simeon	59.300
van Gad	45.650
van Juda	74.600
van Issaskar	54.400
van Sebulon	57.400
van Josef se seuns:	
	Efraim 40.500
	Manasse 32.200
van Benjamin	35.400
van Dan	62.700
van Aser	41.500
van Naftali	53.400

Dit was in die geval van elke stam die getal weerbare manne van twintig jaar en ouer, getel volgens afkoms en familie.

⁴⁴⁻⁴⁶Dit was dan die getal van die manne wat deur Moses, Aäron en die twaalf Israelitiese stamhoofde getel is. Altesaam was die getelde Israeliete 603.550. Dit was die weerbare manne van twintig jaar en ouer, getel volgens families.

⁴⁷Die Leviete is nie as afsonderlike stam bygetel nie.

⁴⁸Die Here het naamlik vir Moses gesê:

⁴⁹“Die stam Levi moet jy nie tel nie en hulle getal moet jy nie by dié van die Israeliete voeg nie.

⁵⁰Jy moet die Leviete aanstel om toesig te hou oor die tabernakel met die getuienis, oor al sy gereedskap en al sy toebehore. Hulle moet die tabernakel en sy gereedskap dra; net hulle moet daarmee werk; en hulle moet hulle tente rondom die tabernakel opslaan.

⁵¹As die tabernakel verskuif moet word, moet die Leviete dit uitmekaarhaal; en as dit opgeslaan moet word, moet hulle dit opslaan. 'n Onbevoegde persoon wat nader kom om te help, moet doodgemaak word.

⁵²“Die ander stamme van Israel moet hulle tente opslaan, elke stam op sy eie staanplek, rondom sy eie vaandel, ingedeel by sy eie leërafdeling,

⁵³maar die Leviete moet hulle tente rondom die tabernakel met die getuienis opslaan, sodat my toorn nie oor die Israeliete kom nie. So moet die Leviete dan vir die tabernakel met die getuienis sorg.”

⁵⁴Die Israeliete het alles presies gedoen soos die Here vir Moses beveel het.

Numeri 2

Die kamporde

¹Die Here het met Moses en Aäron gepraat en gesê:

²“Die Israeliete moet kamp opslaan, elkeen by sy vaandel, by sy familieteken. Hulle moet die kamp rondom die tent van ontmoeting opslaan, so 'n entjie daarvandaan.

³“Aan die ooste, sonop se kant, moet die stam Juda kamp opslaan. Hy moet dit doen by sy vaandel en ingedeel in leërafdelings. Nagson seun van Amminadab is die leier van die stam.

⁴Die getal van Juda se weerbare manne is 74.600.

⁵Die stam Issaskar moet langs Juda kamp opslaan. Netanel seun van Suar is sy leier.

⁶Die getal van sy weerbare manne is 54.400.

- ⁷Daarna volg die stam Sebulon met Eliab seun van Gelon as leier.
- ⁸Die getal van sy weerbare manne is 57.400.
- ⁹Die hele kamp onder leiding van Juda, ingedeel in leërafdelings, is altesaam 186.400 weerbare manne. “Hierdie drie stamme moet altyd eerste versit.
- ¹⁰“Aan die suidekant moet die stam Ruben kamp opslaan. Hy moet dit doen by sy vaandel en ingedeel in leërafdelings. Elisur seun van Sedeür is die leier van die stam.
- ¹¹Die getal van Ruben se weerbare manne is 46.500.
- ¹²Die stam Simeon moet langs Ruben kamp opslaan. Selumiël seun van Suri-Saddai is die leier van die stam.
- ¹³Die getal van sy weerbare manne is 59.300.
- ¹⁴Daarna volg die stam Gad met Eljasaf seun van Reüel as leier.
- ¹⁵Die getal van sy weerbare manne is 45.650.
- ¹⁶Die hele kamp onder leiding van Ruben, ingedeel in leërafdelings, is altesaam 151.450 weerbare manne. “Hierdie stamme moet altyd tweede versit.
- ¹⁷“Die kamp van die Leviëte met die tent van ontmoeting moet altyd in die middel van die ander kampe bly wanneer hulle trek. In dieselfde orde waarin die stamme kamp opslaan, moet hulle ook die kamp opbreek, elkeen op sy eie plek en by sy eie vaandel.
- ¹⁸“Aan die westekant moet die stam Efraim kamp opslaan. Hy moet dit doen by sy vaandel en ingedeel in leërafdelings. Elisama seun van Ammihud is die leier van die stam.
- ¹⁹Die getal van die weerbare manne is 40.500.
- ²⁰Die stam Manasse moet langs Efraim wees. Gamliël seun van Pedasur is sy leier.
- ²¹Die getal van sy weerbare manne is 32.200.
- ²²Daarna volg die stam Benjamin met Abidan seun van Gidoni as leier.

²³Die getal van sy weerbare manne is 35.400.

²⁴Die hele kamp onder leiding van Efraim, ingedeel in leërafdelings, is altesaam 108.100 weerbare manne. “Hierdie stamme moet altyd derde versit.

²⁵“Aan die noordekant moet die stam Dan kamp opslaen. Hy moet dit doen by sy vaandel en ingedeel in leërafdelings. Agiëser seun van Ammi-Saddai is die leier van hierdie stam.

²⁶Die getal van Dan se weerbare manne is 62.700.

²⁷Die stam Aser moet langs Dan kamp opslaen. Pagiël seun van Okran is leier van die stam.

²⁸Die getal van Aser se weerbare manne is 41.500.

²⁹Daarna volg die stam Naftali met Agira seun van Enan as leier.

³⁰Die getal van sy weerbare manne is 53.400.

³¹Die hele kamp onder leiding van Dan is altesaam 157.600 weerbare manne. “Hierdie stamme moet met hulle vaandels die laaste versit.”

³²Dit was dan die groottotaal van al die Israeliete, getel volgens families. Al die geteldes van die kampe, ingedeel in leërafdelings, was 603.550 man.

³³Die Leviëte is nie onder die getal van Israel bygereken nie, soos die Here vir Moses beveel het.

³⁴Die Israeliete het presies gedoen soos die Here vir Moses beveel het. Hulle het kamp opgeslaen, elkeen by sy eie vaandel, en elke keer weer weggetrek, elke stam ingedeel volgens sy familiegroepe.

Numeri 3

Die stam Levi

¹Toe die Here destyds met Moses op Sinaiberg gepraat het, het Aäron en Moses reeds afstammeling gehad.

²Die name van die seuns van Aäron was Nadab, die oudste, Abihu, Eleasar en Itamar.

³Dit was die name van Aäron se seuns, gesalfde priesters, vir wie Moses in die priesteramp aangestel het.

⁴Maar die Here het vir Nadab en Abihu laat sterwe omdat hulle in die Sinaiwoestyn ongeoorloofde vuur voor Hom neergesit het. Hulle het geen seuns gehad nie. Eleasar en Itamar het toe die priesterdiens verrig onder die toesig van Aäron, hulle pa.

⁵Die Here het verder vir Moses gesê:

⁶“Stel die stam Levi tot beskikking van die priester Aäron, dat hulle hom kan help.

⁷Hulle moet vir Aäron in die gemeente diensbeurte waarneem in die tent van ontmoeting deur die werk wat hulle in die tabernakel doen.

⁸Hulle moet sorg vir al die toebehore van die tent van ontmoeting; hulle moet die diensbeurte vir die volk Israel waarneem deur die werk wat hulle in die tabernakel doen.

⁹Jy moet die Leviëte tot beskikking van Aäron en sy seuns stel; uit die volk Israel is hulle die mense wat volkome aan Aäron se diens gewy is.

¹⁰Net aan Aäron en sy seuns is dit opgedra om die priesterdiens te verrig; 'n onbevoegde persoon wat nader kom om dit te doen, moet doodgemaak word.”

¹¹Die Here het weer met Moses gepraat en gesê:

¹²“Kyk, Ek het die Leviëte uit die volk vir My geneem in die plek van al Israel se eersgeborenes; hulle behoort aan My.

¹³Al die eersgeborenes is Myne: die dag toe Ek al die eersgeborenes van die Egiptenaars omgebring het, het Ek dié van Israel, van mens en dier, vir My opgeëis; hulle behoort aan My. Ek is die Here.”

¹⁴Die Here het in die Sinaiwoestyn vir Moses gesê:

¹⁵“Tel die Leviëte volgens hulle afkoms en families, almal van 'n maand en ouer wat manlik is.”

¹⁶Moses het hulle getel presies soos die Here hom beveel het.

- ¹⁷Levi se seuns was Gerson, Kehat en Merari.
- ¹⁸Die Gersongroep was Libni en Simi.
- ¹⁹Die Kehatgroep was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.
- ²⁰Die Merarigroep was Magli en Musi. Dit was die afstammeling van Levi volgens familieverband.
- ²¹Die afstammeling van Gerson was die familie-groep Libni en Simi. Hulle was die Gersoniete.
- ²²Hulle manlike persone van 'n maand en ouer wat so getel is, was altesaam sewe duisend vyf honderd.
- ²³Die Gersongroep het aan die westekant agter die tabernakel kamp opgeslaan
- ²⁴met Eljasaf seun van Lael as leier.
- ²⁵Die taak van die Gersoniete by die tent van ontmoeting was die versorging van die tabernakel: die tent met sy dekseile, die gordyn by die deur van die tent van ontmoeting,
- ²⁶die gordyn van die ingang van die voorhof, die gordyne van die voorhof wat rondom die tabernakel en die altaar was, al die toue, met alles wat dié diens insluit.
- ²⁷Die Kehatgroep was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël. Hulle was die Kehatiete.
- ²⁸Hulle manlike persone van 'n maand en ouer was altesaam ag duisend ses honderd. Hulle taak was om die heiligdom te versorg.
- ²⁹Die Kehatgroep het aan die suidekant van die tabernakel kamp opgeslaan
- ³⁰met Elisafan seun van Ussiël as leier.
- ³¹Hulle taak was die versorging van die ark, die tafel, die kandelaar, die altare, die gereedskap wat in die heiligdom gebruik word, sowel as die voorhangsel, met alles wat dié diens insluit.

³²Eleasar seun van die priester Aäron was die leier van die familiehoofde van Levi, en as sodanig opsigter oor almal wat in die heiligdom diens doen.

³³Merari was die hoof van die familie-groepe Magli en Musi. Hulle was die Merariërs.

³⁴Hulle manlike persone van 'n maand en ouer wat so getel is, was altesaam ses duisend twee honderd.

³⁵Suriël seun van Abigajil was leier van die Merarigroep wat aan die noordekant van die tabernakel kamp opgeslaan het.

³⁶Die Merarigroep was verantwoordelik vir die versorging van die rame, dwarslatte, style en voetstukke van die tabernakel, en ook van al sy gereedskap, met alles wat dié diens insluit;

³⁷ook van die style rondom die voorhof, met voetstukke, penne en toue.

³⁸Moses, Aäron en Aäron se seuns het aan die oostekant voor die tabernakel, voor die tent van ontmoeting, kamp opgeslaan. Aäron en sy seuns het die diens van die tabernakel in belang van Israel waargeneem. 'n Onbevoegde persoon wat nader gekom het om te help, moes doodgemaak word.

³⁹Die manlike Leviete van 'n maand en ouer wat deur Moses en Aäron op bevel van die Here volgens families getel is, was altesaam twee en twintig duisend.

Die Leviete word geneem in die plek van die eersgeborenes

⁴⁰Die Here het ook vir Moses gesê: “Tel al die manlike eersgeborenes van die Israeliete van 'n maand en ouer, en maak 'n lys van hulle name.

⁴¹In die plek van al die eersgeborenes uit Israel moet jy die Leviete vir my diens beskikbaar stel, en ook die Leviete se vee in die plek van al die eerstelinge onder die vee van die Israeliete. Ek is die Here.”

⁴²Moses het toe volgens die bevel van die Here al die eersgeborenes van die Israeliete getel.

⁴³Die manlike eersgeborenes van 'n maand en ouer wie se name opgeskryf is, was twee en twintig duisend twee honderd drie en sewentig.

⁴⁴Die Here het verder vir Moses gesê:

⁴⁵“Stel die Leviete beskikbaar vir my diens in die plek van al Israel se eersgeborenes; neem ook die Leviete se vee in die plek van die Israeliete s'n. Die Leviete behoort aan My. Ek is die Here.

⁴⁶Die twee honderd drie en sewentig eersgeborenes uit die Israeliete wat daar meer is as Leviete, moet losgekoop word.

⁴⁷Jy moet vyf silwerstukke per kop invorder; bereken volgens die standaardgewig van die heiligdom is dit elf gram per silwerstuk.

⁴⁸Die geld vir hierdie groter getal eersgeborenes van die Israeliete moet jy as losprys aan Aäron en sy seuns gee.”

⁴⁹Moses het toe die loskoopgeld ingevorder vir dié eersgeborenes wat daar meer was as dié wat reeds met Leviete losgekoop is.

⁵⁰Hierdie geld het hy geneem van die eersgebore Israeliete, vyftien en 'n half kilogram silwer.

⁵¹Dit het Moses in opdrag van die Here aan Aäron en sy seuns gegee, soos die Here hom beveel het.

Numeri 4

Die ampsplig van die Kehatgroep

¹Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²⁻³“Tel die Leviete tussen dertig en vyftig jaar, almal wat van Kehat afstam. Doen dit volgens afstamming van familie. Dit moet almal insluit wat vir diens geskik is, wat die werk in die tent van ontmoeting kan verrig.

⁴Die ampsplig van die Kehatgroep in die tent van ontmoeting het te doen met die besondere gewyde voorwerpe.

⁵“Net voor die kamp versit, moet Aäron en sy seuns nader kom. “Hulle moet die voorhangsel wat as bedekking dien, afhaal en die ark waarin die getuienis is daarmee toemaak.

⁶Hulle moet 'n seil van gebreide vel daaroor gooi, en dit met 'n groot blou doek toemaak. Dan moet hulle die draaghoute weer insteek.

⁷“'n Blou doek moet ook oor die offerbroodtafel gegooi word, en daarop moet hulle die skottels, bakke, komme en drankofferkanne sit; ook die offerbrood moet daarop gesit word. Dit moet altyd daar wees.

⁸Hulle moet 'n bloedrooi doek oor die offerbroodtafel gooi en dit met 'n seil van gebreide vel toemaak. Dan moet hulle die draaghoute insteek.

⁹“Hulle moet die kandelaar met sy lampe, pithouers, bakkies en al die oliekanne in 'n blou doek toedraai.

¹⁰Die kandelaar met al sy toebehore moet hulle op 'n seil van gebreide vel neersit en dit op 'n draagbaar sit.

¹¹Hulle moet 'n blou doek oor die goue wierookaltaar gooi en dit dan met 'n seil van gebreide vel toemaak. Dan moet hulle die draaghoute insteek.

¹²“Hulle moet al die gereedskap neem wat vir die diens in die heiligdom nodig is, en dit op 'n blou doek sit. Dan moet hulle dit met 'n seil van gebreide vel toemaak en so op die draagbaar neersit.

¹³Hulle moet die as van die altaar afvee en dan 'n pers doek oor die altaar gooi.

¹⁴Al die gereedskap wat hulle vir die diens by die altaar gebruik, moet hulle op die doek neersit: al die vuurpanne, vurke, skoppe en komme, kortom, al die altaargereedskap, en dit met 'n seil van gebreide vel toemaak. Dan moet hulle die draaghoute insteek.

¹⁵“Net voor die kamp versit, moet Aäron en sy seuns eers die gewyde voorwerpe saam met hulle gereedskap toemaak, en dan moet die Kehatiete nader kom om dit te dra. Hulle mag nie aan die gewyde voorwerpe raak nie, want dan sal hulle sterwe. Hierdie voorwerpe van die tent van ontmoeting moet deur die Kehatiete gedra word.

¹⁶“Eleasar seun van die priester Aäron moet toesig hou oor die olie vir die kandelaar, die geurige wierook, die gereelde graanoffer en die salfolie. Hy moet

toesig hou oor die hele tabernakel en alles wat daarin is, oor die heiligdom met sy gereedskap.”

¹⁷Die Here het ook nog vir Moses en Aäron gesê:

¹⁸“Julle moet voorsorg tref dat die Kehatgroep van Levi nie met die dood gestraf word nie.

¹⁹Wanneer hulle kom om die gewyde voorwerpe te dra, moet Aäron en sy seuns vir hulle presies aandui wat elkeen van hulle moet doen en dra, sodat hulle kan bly lewe en nie met die dood gestraf word nie.

²⁰Die Kehatiete mag selfs nie 'n oomblik na die heiligdom kom kyk nie, want dan sal hulle sterwe.”

Die ampsplig van die Gersongroep

²¹Die Here het vir Moses gesê:

²²“Jy moet ook die afstammeling van Gerson tel. Doen dit volgens familie en afstamming.

²³Jy moet almal tussen dertig en vyftig jaar tel wat vir diens geskik is en wat die werk in die tent van ontmoeting kan verrig.

²⁴Die ampsplig van die Gersongroep is om drawerk te doen:

²⁵hulle moet die tentdoeke van die tabernakel, die tent van ontmoeting, dra, sy seil en die seil van gebreide vel wat daarbo-oor is, die gordyn by die ingang van die tent van ontmoeting

²⁶en die gordyn by die ingang van die voorhof, asook die gordyne van die voorhof wat rondom die tabernakel en die altaar is, die toue en al die nodige gereedskap. Vir al hierdie dinge is hulle verantwoordelik.

²⁷Al die ampspligte van die Gersongroep, alles wat hulle moet dra en doen, moet onder toesig van Aäron en sy seuns verrig word. Hulle moet toesien dat die Gersongroep al hulle opdragte uitvoer.

²⁸Dit is dan die ampspligte van die Gersongroep in verband met die tent van ontmoeting. Hulle werk staan onder toesig van Itamar seun van die priester Aäron.”

Die ampsplig van die Merarigroep

²⁹“Jy moet ook die afstammeling van Merari tel. Doen dit volgens afstamming en familie.

³⁰Jy moet almal tussen dertig en vyftig jaar tel wat vir diens geskik is en wat die werk in die tent van ontmoeting kan verrig.

³¹Hulle diens in verband met die tent van ontmoeting sal wees om die volgende te dra: die rame, dwarslatte, style en voetstukke van die tabernakel;

³²ook die style rondom die voorhof met hulle voetstukke, penne en toue, al die gereedskap en toebehore. Julle moet 'n lys name opstel van persone wat vir die dra van bepaalde voorwerpe verantwoordelik is.

³³Dit is al die verpligtinge van die Merarigroep in verband met die tent van ontmoeting. Dit moet verrig word onder toesig van Itamar seun van die priester Aäron.”

Die groottotaal Leviete

³⁴⁻⁴⁵Moses, Aäron en die volksleiers het die drie Levitiese families Kehat, Gerson en Merari getel. Hulle het dit gedoen volgens afstamming en familie soos die Here vir Moses beveel het. Hulle het al die manlike persone van tussen dertig en vyftig jaar opgeskryf, almal wat geskik was vir diens en wat die werk in die tent van ontmoeting kon verrig. Die getalle was soos volg: Kehat twee duisend sewe honderd en vyftig, Gerson twee duisend ses honderd en dertig, Merari drie duisend twee honderd.

⁴⁶⁻⁴⁸Die groottotaal Leviete van tussen dertig en vyftig jaar, almal wat geskik was om te dien in die tent van ontmoeting en om die drawerk te doen, was ag duisend vyf honderd en tagtig. Moses, Aäron en die leiers van Israel het hulle volgens afkoms en familie getel.

⁴⁹Op die bevel wat die Here deur Moses gegee het, is hulle getel en is aan elkeen sy besondere taak en verantwoordelikheid toegewys. Hulle is getel soos die Here vir Moses beveel het.

Numeri 5

Die onreines word uit die kamp uit gestuur

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Beveel die Israeliete om elkeen uit die kamp uit te stuur wat 'n ernstige velsiekte het of aan 'n geslagsiekte ly, of wat verontreinig is deur aan 'n lyk te raak.

³Dit geld mans sowel as vrouens. Julle moet hulle buitekant die kamp uit stuur, sodat hulle nie die kamp waarin Ek onder hulle woon, verontreinig nie.”

⁴Die Israeliete het toe so gemaak: hulle het die onreines uit die kamp uit gestuur, presies soos die Here vir Moses gesê het.

Wanneer iemand 'n medemens benadeel

⁵Die Here het aan Moses opdrag gegee

⁶om vir die Israeliete te sê: “Wanneer iemand, man of vrou, 'n medemens benadeel en dus ontrou teenoor die Here is, is hy skuldig

⁷en moet hy sy sonde bely. Hy moet die volle bedrag van die skade plus 'n vyfde daarvan teruggee aan die persoon wat hy benadeel het.

⁸As die benadeelde na sy dood geen familielid het aan wie die skuld betaal kan word nie, kom die bedrag die Here toe en moet dit aan 'n priester gegee word. Afsien hiervan moet die skuldige nog die ram voorsien waarmee die priester vir die skuldige versoening moet doen.”

Offergawes en gewyde gawes

⁹“Die offergawes wat die Israeliete na die priester toe bring vir die diens van die Here, behoort aan die priester.

¹⁰Die gewyde gawes wat iemand bring, bly sy eie, maar wat die priester toekom, moet aan hom gegee word.”

Agterdog teen 'n vrou

¹¹Die Here het aan Moses opdrag gegee

¹²⁻¹⁵om vir die Israeliete te sê: “As 'n man agterdogtig word, sodat hy sy vrou van ontrou verdink, moet hy haar na die priester toe bring. Dit kan wees dat die getroude vrou ontrou teenoor haar man was en met iemand anders geslagsgemeenskap gehad het sonder dat haar man daarvan weet of dat sy uitgevind is. Dit kan ook wees dat, hoewel sy oortree het, daar geen getuie teen haar is nie en sy nie betrap is nie. Dit kan ook wees dat die man agterdogtig is en sy vrou verdink hoewel sy niks verkeerds gedoen het nie. Die man moet sy vrou na die priester toe bring saam met die voorgeskrewe offer: een en 'n half kilogram garsmeel. Hy moet die meel nie met olie en wierook meng nie, omdat die offer bedoel is vir 'n geval van agterdog, 'n offer wat moet aantoon of daar oortree is.

¹⁶Die priester moet haar dan nader bring en in die teenwoordigheid van die Here laat staan.

¹⁷Die priester moet 'n erdebak met gewyde water vol maak en van die tabernakelvloer se stof daarin gooi.

¹⁸Dan moet hy die vrou in die teenwoordigheid van die Here laat staan, haar hare losmaak en haar die voorgeskrewe offer, wat 'n offer vir die agterdog is, gee om vas te hou. Die priester moet die erdebak met water wat bittere smart en 'n vloek oor haar kan bring, self vashou.

¹⁹Hy moet die vrou onder eed plaas en vir haar sê: As iemand anders nie met jou gemeenskap gehad het nie en jy as getroude vrou jouself nie met 'n ander man verontreinig het nie, mag jou onskuld dan bewys word deur hierdie water wat bittere smart en 'n vloek oor jou kan bring.

²⁰Maar as jy, as getroude vrou, ontrou was en jouself verontreinig het deurdat jy met iemand anders behalwe jou eie man gemeenskap gehad het,

²¹⁻²²mag die Here dan gee dat jou eie mense jou sal vervloek en verwens. Mag Hy jou vrugbaarheid laat vergaan en jou buik laat opswel. Mag hierdie water wat die vloek veroorsaak, in jou maag kom om jou buik te laat opswel en jou

vrugbaarheid te laat vergaan. “Dit alles moet die priester sê vir die vrou wat staan onder 'n eed dat 'n vloek haar kan tref as sy skuldig is. Dan moet sy sê: ‘Amen, amen.’

²³“Die priester moet hierdie vervloeking neerskrywe en die letters uitwis in die water wat bittere smart sou kan veroorsaak.

²⁴Hy moet die vrou van die water laat drink wat bittere smart en 'n vloek oor haar kan bring, sodat die water wat 'n vloek van bittere smart veroorsaak, in haar kan ingaan.

²⁵Daarna moet die priester uit haar hand die offer vat wat vir die agterdog bedoel is, dit in teenwoordigheid van die Here beweeg en dit na die altaar toe bring.

²⁶Die priester moet ook 'n handjievul van die graanoffer as simbool van haar hele offer vat en op die altaar verbrand, en daarna moet hy die vrou die res van die water laat drink.

²⁷Die water wat hy haar laat drink, sal, as sy haar verontreinig en troubreuk teenoor haar man gepleeg het, in haar ingaan en die vloek meebring wat bittere smart sal veroorsaak, en dit sal haar buik laat opswel. Haar vrugbaarheid sal vergaan en haar mense sal haar vervloek.

²⁸Maar as die vrou haar nie verontreinig het nie en getrou was, sal haar onskuld bewys word en sal sy kinders kan kry.

²⁹“Dit is dan die voorskrif vir gevalle van agterdog. As 'n vrou ontrou word aan haar man en haarself verontreinig,

³⁰of as 'n man agterdogtig begin raak en sy vrou verdink, moet die priester die vrou in die teenwoordigheid van die Here laat staan en met haar handel presies volgens al die bepalings van hierdie voorskrif.

³¹Die man sal onskuldig wees, maar die vrou sal vir haar oortreding moet boet.”

Numeri 6

Voorskrifte vir die nasireër

- ¹Die Here het aan Moses opdrag gegee
- ²om met die Israeliete te praat en vir hulle te sê: “Wanneer iemand, 'n man of 'n vrou, 'n besondere nasireërgelofte aflê om hom aan die Here te wy,
- ³moet hy hom weerhou van wyn en bier. Hy mag geen druiwe-asyn of ander asyn drink nie, geen druiwesap nie en ook nie druiwe of rosyntjies eet nie.
- ⁴Die hele tydperk van sy wyding mag hy hoegenaamd niks eet wat die wingerdstok voortbring nie, selfs nie druiwepitte of -doppe nie.
- ⁵“Vir die volle duur van sy nasireërgelofte mag hy nie sy hare of sy baard skeer nie. Hy is iemand wat vir die Here afgesonder is, en hy moet sy hare vrylik laat groei totdat die tyd van sy wyding aan die Here verby is.
- ⁶“Gedurende die tyd van sy wyding aan die Here mag hy nie naby 'n lyk kom nie.
- ⁷Selfs as sy pa of ma, broer of suster sterf, mag hy hom nie verontreinig deur aan hulle te raak nie, want sy hare is die teken van sy wyding aan God.
- ⁸Solank sy nasireërgelofte van krag is, is hy afgesonder vir die Here.
- ⁹Maar as hy hom verontreinig deur aan iemand te raak wat onverwags in sy omgewing te sterwe kom, moet hy sy hare afskeer op die dag waarop hy rein verklaar word; op die sewende dag moet hy sy hare afskeer.
- ¹⁰Op die agste dag moet hy twee tortelduiwe of twee ander duiwe na die priester toe bring, by die ingang van die tent van ontmoeting.
- ¹¹Die priester moet dan een duif as 'n sondeoffer en die ander as 'n brandoffer voorberei, en daarmee vir die nasireër versoening doen vir die oortreding wat hy onbewus begaan het deur aan die lyk te raak. Op dieselfde dag moet hy begin om sy hare te laat groei.
- ¹²Hy moet hom opnuut as nasireër aan die Here wy en 'n jaaroud lam as skuldoffer bring. Die vorige dae moet nie gereken word nie, omdat hy sy nasireërskap verontreinig het.

¹³“Die voorskrif vir die nasireër wanneer die tyd van sy wyding verby is, is soos volg: Hy moet na die ingang van die tent van ontmoeting toe gaan

¹⁴en sy offergawe aan die Here bring. Dit moet bestaan uit 'n jaaroud lam as brandoffer, 'n jaaroud ooilam as sondeoffer en 'n ram as maaltydoffer, aldie sonder liggaamsgebrek;

¹⁵verder 'n mandjie ongesuurde brood van fynmeel, ringbrood met olie geknie, en ongesuurde roosterkoek met olie gesmeer, met die bybehorende graanoffer en drankoffers.

¹⁶Die priester moet die lammers aan die Here offer as die nasireër se sondeoffer en brandoffer.

¹⁷Die priester moet die ram, saam met die ongesuurde brood in die mandjie, as maaltydoffer vir die Here aanbied, en ook die nasireër se graan- en drankoffer offer.

¹⁸By die ingang van die tent van ontmoeting moet die nasireër sy hare, die teken van sy wyding, afskeer en dit vat en in die vuur saam met die maaltydoffer verbrand.

¹⁹“Nadat die nasireër sy hare afgeskeer het, moet die priester die gekookte blad van die ram vat en dit, saam met 'n ongesuurde ringbrood uit die mandjie en 'n ongesuurde roosterkoek, op die nasireër se hande sit

²⁰en dit as 'n beweegoffer aan die Here wy. Hierdie gawes is gewy en kom die priester toe, saam met die bors van die beweegoffer en die boud wat as offergawe gebring is. Daarna is die persoon vry om wyn te drink.

²¹“Dit is dan die voorskrif vir 'n nasireër wat met die oog op sy nasireërskap 'n offer aan die Here beloof het, afgesien van wat hy nog vrywillig wil bring. Hy moet noukeurig handel volgens die gelofte wat hy afgelê het. Dit is die voorskrif vir die nasireër.”

Die priesterlike seën

²²Die Here het vir Moses gesê:

²³“Sê vir Aäron en sy seuns: So moet julle sê wanneer julle die Israeliete seën:

²⁴“Die Here sal julle seën en julle beskerm;

²⁵die Here sal tot julle redding verskyn en julle genadig wees;

²⁶die Here sal julle gebede verhoor en aan julle vrede gee!

²⁷“So moet die priesters my Naam oor die Israëliete uitroep, en Ek sal hulle seën.”

Numeri 7

Offergawes van die twaalf stamleiers

¹Nadat Moses klaar was met die oprigting van die tabernakel het hy die tent met al sy toebehore en ook die altaar met al sy gereedskap gesalf en aan die diens van die Here gewy.

²Die leiers van Israel, die familiehoofde en stamleiers wat die sensus opgeneem het, het offergawes gebring.

³Hulle het as offergawes ses tentwaens en twaalf osse gebring, 'n wa namens elke twee leiers, en 'n os namens elkeen afsonderlik. Hulle het dit na die tabernakel toe gebring.

⁴Die Here sê toe vir Moses:

⁵“Wat hulle offergawes en gebruik dit in die diens van die tent van ontmoeting; gee dit aan die Leviete vir die werk wat elkeen van hulle moet verrig.”

⁶Moses het die waens en osse ontvang en aan die Leviete gegee:

⁷⁻⁸twee waens en vier osse aan die Gersongroep, vier waens en ag osse aan die Merarigroep. Hulle het dit ontvang vir hulle onderskeie take, onder toesig van Itamar seun van die priester Aäron.

⁹Moses het nie waens en osse aan die Kehatgroep gegee nie, want hulle moes die gewyde voorwerpe op hulle skouers dra.

¹⁰Die dag toe die altaar vir gebruik gesalf is, het die leiers hulle offergawes vir die inwyding na die altaar toe gebring.

¹¹Die Here het vir Moses gesê: “Op elke agtereenvolgende dag moet een van die leiers sy offergawes vir die inwyding van die altaar bring.”

¹²⁻⁸³Op die eerste dag het Nagson, seun van Amminadab uit die stam Juda, sy offergawe gebring; op die tweede dag Netanel, seun van Suar leier van Issaskar; op die derde dag Eliab, seun van Gelon leier van Sebulon; op die vierde dag Elisur, seun van Sedeür leier van Ruben; op die vyfde dag Selumiël, seun van Suri-Saddai leier van Simeon; op die sesde dag Eljasaf, seun van Reüel leier van Gad; op die sewende dag Elisama, seun van Ammihud leier van Efraim; op die agste dag Gamliël, seun van Pedasur leier van Manasse; op die negende dag Abidan, seun van Gidoni leier van Benjamin; op die tiende dag Agiëser, seun van Ammi-Saddai leier van Dan; op die elfde dag Pagiël, seun van Okran leier van Aser, en op die twaalfde dag Agira, seun van Enan leier van Naftali. Elke leier het die volgende offergawes gebring: een silwerskottel met 'n gewig van een en 'n half kilogram, een silwerkom van ag honderd gram, albei volgens die standaardgewig van die heiligdom en vol meel met olie gemeng as graanoffer; een goue pannetjie van honderd en vyftien gram, vol wierook; een jong bul, een ram en een jaaroud lam as brandoffers; een bokram as sondeoffer; en twee osse, vyf ramme, vyf bokramme en vyf jaaroud lammers as maaltydoffers.

⁸⁴Die offergawes wat die leiers van Israel gebring het toe die altaar ingewy is, was altesaam twaalf silwerskottels, twaalf silwerkomme en twaalf goue pannetjies.

⁸⁵Elke skottel het een en 'n half kilogram geweeg en elke kom ag honderd gram. Die silwer van al die gereedskap het ag en twintig kilogram geweeg volgens die standaardgewig van die heiligdom.

⁸⁶Die twaalf goue pannetjies vol wierook het elkeen honderd en vyftien gram geweeg volgens die standaardgewig van die heiligdom. Al die goud van die pannetjies was byna een en 'n half kilogram.

⁸⁷Daar was twaalf bulle, twaalf ramme, twaalf jaaroud lammers vir die brandoffer saam met hulle graanoffers en twaalf bokramme as sondeoffer.

⁸⁸Al die vee vir die maaltydoffers was vier en twintig bulle, sestig ramme, sestig bokramme en sestig jaaroud lammers. Dit was die offergawes vir die inwyding van die altaar nadat dit gesalf is.

⁸⁹Telkens wanneer Moses in die tent van ontmoeting ingegaan het om met die Here te praat, het hy die stem van die Here met hom hoor praat. Die stem het van die deksel af gekom tussen die twee gerubs uit, die deksel op die ark waarin die getuienis was. So het die Here met Moses gepraat.

Numeri 8

Versorging van die kandelaar

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Praat met Aäron en sê vir hom: As jy die lampies van die kandelaar vassit, moet hulle al sewe na die voorkant toe lig gee.”

³Aäron het toe so gemaak soos die Here vir Moses beveel het, en die lampies aan die voorkant van die kandelaar vasgesit.

⁴Die kandelaar is so gemaak: van die voetstuk af tot by die kroonblare is dit van geslae goud. Aäron het dit gemaak volgens die model wat die Here vir Moses gewys het.

Reiniging en wyding van die Leviete

⁵Die Here het vir Moses gesê:

⁶“Sonder die Leviete van die res van die Israeliete af en reinig hulle.

⁷Jy moet hulle soos volg reinig: sprinkel reinigingswater oor hulle en laat hulle hulle hele liggaam kaalskeer en hulle klere was. So moet hulle hulleself reinig.

⁸Dan moet hulle 'n jong bul vat, met die graanoffer van meel met olie gemeng wat daarby hoort; 'n tweede jong bul moet jy as sondeoffer vat.

⁹Jy moet die Leviete dan nader bring voor die tent van ontmoeting en die hele gemeente van Israel daar bymekaar laat kom.

¹⁰Jy moet die Leviete nader bring voor My, die Here, en daar moet die Israeliete hulle hande op die Leviete lê.

- ¹¹Aäron moet dan die Leviëte as 'n beweegoffer van die Israëliëte aan My wy sodat hulle die werk in my diens kan verrig.
- ¹²“Die Leviëte moet hulle hande op die koppe van die twee bulle sit. Die een bul moet as sondeoffer en die ander as brandoffer vir My, die Here, berei word, om vir die Leviëte versoening te doen.
- ¹³Jy moet die Leviëte in diens van Aäron en sy seuns stel en as 'n beweegoffer aan My wy.
- ¹⁴Jy moet hulle van die res van die Israëliëte afsonder dat hulle aan My kan behoort.
- ¹⁵Nadat jy die Leviëte gereinig en as beweegoffer aan My gewy het, moet hulle die diens in die tent van ontmoeting gaan behartig.
- ¹⁶Van alle Israëliëte behoort die Leviëte in 'n besondere sin aan My, want Ek het hulle in die plek van al Israel se eersgebore seuns as my besondere eiendom vir My opgeëis.
- ¹⁷Toe Ek al die eersgeborenes in Egipte getref het, het Ek die eersgeborenes van mens en dier in Israel vir My afgesonder.
- ¹⁸Die Leviëte het Ek toe in die plek van Israel se eersgebore seuns geneem.
- ¹⁹Uit al die Israëliëte gee Ek die Leviëte nou as 'n gawe aan Aäron en sy seuns om namens die Israëliëte die diens in die tent van ontmoeting te behartig en om vir hulle versoening te doen sodat geen ramp die Israëliëte sal tref as hulle te naby aan die heiligdom kom nie.”
- ²⁰Moses, Aäron en die hele gemeente van Israel het toe met die Leviëte presies gemaak soos die Here vir Moses in verband met hulle beveel het. So het die Israëliëte met hulle gedoen.
- ²¹Die Leviëte het hulleself gereinig en hulle klere gewas, en Aäron het hulle as 'n beweegoffer aan die Here gewy. Aäron het ook vir hulle sondes versoening gedoen en hulle so gereinig.

²²Die Leviete het toe onder toesig van Aäron en sy seuns hulle ampswerk in die tent van ontmoeting gaan verrig, soos die Here vir Moses aangaande hulle beveel het. So het die Israeliete met die Leviete gedoen.

Die Leviete se dienstryd

²³Die Here het vir Moses gesê:

²⁴“Wat die Leviete betref, hulle moet vyf en twintig jaar of ouer wees voordat hulle hulle ampsplig in die tent van ontmoeting kan kom vervul.

²⁵As 'n Leviet egter vyftig jaar oud is, moet hy sy amp neerlê en mag hy nie verder dien nie.

²⁶Hy mag sy mede-Leviete nog met hulle ampswerk in die tent van ontmoeting behulpsaam wees, maar self mag hy die diens nie behartig nie. “So moet jy die ampspligte van die Leviete reël.”

Numeri 9

Die tweede paasfees

¹Die Here het met Moses gepraat. Dit was in die Sinaiwoestyn, die eerste maand van die tweede jaar ná die uittog uit Egipte. Hy het vir hom gesê:

²⁻³“Op die vasgestelde tyd, teen sonsondergang, op die veertiende dag van hierdie maand, moet die Israeliete die paasfees vier. Julle moet dit doen op die vasgestelde tyd volgens die voorskrifte en bepalinge wat daarvoor geld.”

⁴Moses het die Israeliete toe opdrag gegee om die paasfees te vier.

⁵Hulle het dit gedoen in die Sinaiwoestyn teen sonsondergang op die veertiende dag van die eerste maand, presies soos die Here vir Moses beveel het. So het die Israeliete gedoen.

⁶Maar daar was persone wat die paasfees nie op daardie dag kon vier nie omdat hulle aan 'n lyk geraak het en dus onrein was. Hierdie manne het dieselfde dag nog na Moses en Aäron toe gekom en vir hulle gesê:

⁷“Ons is onrein, want ons het aan 'n lyk geraak, maar waarom word ons daarvan weerhou om op die bestemde tyd saam met die ander Israëliete 'n offergawe aan die Here te bring? ”

⁸Moses het toe vir hulle gesê: “Wag tot ek verneem het wat die Here oor julle beveel.”

⁹Die Here het toe vir Moses gesê: “Praat met die Israëliete en sê vir hulle:

¹⁰As een van julle of julle nakomelinge deur 'n lyk onrein is, of op 'n ver reis is, mag hy nogtans die paasfees vir die Here vier.

¹¹Maar dan moet hulle dit in die tweede maand, op die veertiende van die maand, teen sonsondergang vier. Hulle moet die paaslam eet saam met die ongesuurde brood en bitter kruie.

¹²Hulle mag niks daarvan tot die volgende môre laat oorbly nie en hulle mag ook geen been van die lam breek nie. Hulle moet die paasfees stiptelik volgens al sy voorskrifte vier.

¹³Maar as 'n persoon rein is en nie op reis is nie en nogtans in gebreke bly om die paasfees op die gewone tyd te vier, moet hy van sy volksgenote afgesny word omdat hy nagelaat het om 'n offergawe op die bestemde tyd aan die Here te bring. Dié man moet die gevolge van sy sonde dra.

¹⁴“As 'n vreemdeling wat by julle woon, die paasfees vir die Here wil vier, moet hy dit volgens die bestaande voorskrifte en bepalings doen. Een en dieselfde voorskrif geld vir julle almal: vir die vreemdeling en vir die landsburger.”

Die wolk bo die tabernakel

¹⁵Die dag toe die tabernakel, die tent met die getuienis, opgerig is, het 'n wolk dit oordek. In die aand het die wolk oor die tabernakel soos vuur geword en dit het so gebly tot die môre toe.

¹⁶So was dit deurentyd. Die wolk het die tabernakel oordek en snags was dit soos vuur.

¹⁷Elke keer nadat die wolk van die tent af opgetrek het, het die Israeliete weggetrek, en op die plek waar die wolk afkom, daar het die Israeliete kamp opgeslaan.

¹⁸Op bevel van die Here het die Israeliete weggetrek, en op sy bevel het hulle kamp opgeslaan; gedurende die hele tyd dat die wolk op die tabernakel gerus het, het hulle in die kamp gebly.

¹⁹Wanneer die wolk 'n geruime tyd op die tabernakel gerus het, het die Israeliete die diens van die Here waargeneem en nie weggetrek nie.

²⁰Soms het die wolk net 'n paar dae op die tabernakel gerus. Wat die geval ook al was, op die bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan en op sý bevel het hulle weggetrek.

²¹Soms was die wolk net van die aand af tot die volgende môre toe daar, en as dit dan in die môre optrek, het die volk weggetrek. Of dit bedags of snags was, as die wolk optrek, het hulle weggetrek.

²²As die wolk 'n paar dae of 'n maand of 'n jaar of langer op die tabernakel rus, het die Israeliete in die kamp gebly en nie weggetrek nie, maar sodra dit optrek, het hulle weggetrek.

²³Op die bevel van die Here het hulle kamp opgeslaan en op sy bevel het hulle weggetrek. Hulle het die diens van die Here onderhou soos die Here deur middel van Moses beveel het.

Numeri 10

Die silwertrompette

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Maak nou twee trompette van geslae silwer, en gebruik dit om die vergadering bymekaar te roep en om die kamp te laat opbreek.

³Wanneer julle op albei blaas, moet die hele vergadering by jou bymekaarkom by die ingang van die tent van ontmoeting.

⁴Maar as net op een geblaas word, moet net die leiers, die familiehoofde van Israel, by jou bymekaarkom.

⁵As julle die eerste keer hard blaas, moet die stamme wat aan die oostekant kampeer, vertrek.

⁶As julle 'n tweede keer hard blaas, moet die stamme aan die suidekant vertrek. As daar hard geblaas word, sal hulle weet om te vertrek.

⁷Om die vergadering bymekaar te roep, moet julle die trompette blaas, maar julle moet nie hard blaas nie.

⁸Aäron se seuns, die priesters, moet die trompette blaas. Dit moet vir julle en julle nageslag 'n vaste instelling wees.

⁹As julle in julle land wil gaan veg teen 'n vyand wat julle verdruk, moet julle hard op die trompette blaas. Ek, die Here julle God, sal dan op julle ag slaan en julle van julle vyande red.

¹⁰Ook op 'n dag van vreugde of op julle vasgestelde feestye of aan die begin van julle nuwemaansfeeste moet julle by julle brandoffers en maaltydoffers op die trompette blaas. Dit sal My, julle God, aan julle herinner. Ek is die Here julle God.”

Die Israeliete trek verder

¹¹In die tweede jaar, op die twintigste van die tweede maand, het die wolk opgetrek van die tabernakel met die getuienis af.

¹²Die Israeliete het hulle reis toe van die Sinaiwoestyn af verder voortgesit, totdat die wolk in die Paranwoestyn gaan staan het.

¹³Hulle het begin trek op bevel van die Here deur Moses.

¹⁴Die vaandel van die afdelings onder leiding van die stam Juda het eerste vertrek. Nagson seun van Amminadab was hier in bevel.

¹⁵Netanel seun van Suar was in bevel van die afdeling van die stam Issaskar,

¹⁶en Eliab seun van Gelon was oor die afdeling van die stam Sebulon.

¹⁷Daarna is die tabernakel afgebreek, en het die Gersongroep en die Merarigroep wat dit moes dra, ook vertrek.

¹⁸Die volgende wat vertrek het, was die vaandel van die afdelings onder leiding van die stam Ruben. Elisur seun van Sedeür was in bevel van hierdie afdeling.

¹⁹Selumiël seun van Suri-Saddai was in bevel van die afdeling van die stam Simeon,

²⁰en Eljasaf seun van Reüel was oor die afdeling van die stam Gad.

²¹Daarna het die Kehatgroep vertrek. Hulle het die gewyde voorwerpe gedra. Die tabernakel moes opgerig wees teen die tyd dat hulle daar aankom.

²²Ná hulle het die vaandel van die afdelings onder leiding van die stam Efraim vertrek. Elisama seun van Ammihud was in bevel van hierdie afdeling.

²³Gamliël seun van Pedasur was in bevel van die afdeling van die stam Manasse,

²⁴en Abidan seun van Gidoni oor die afdeling van die stam Benjamin.

²⁵Die volgende wat vertrek het, was die vaandel van die afdelings onder leiding van die stam Dan wat die agterhoede van al die afdelings gevorm het. Agiëser seun van Ammi-Saddai was in bevel van hierdie afdeling.

²⁶Pagiël seun van Okran was in bevel van die afdeling van die stam Aser,

²⁷en Agira seun van Enan oor die afdeling van die stam Naftali.

²⁸Dit was die volgorde waarin die afdelings van Israel op hulle reis vertrek het.

²⁹Moses het vir Gobab seun van sy skoonpa Reüel, die Midianiet, gesê: “Ons trek na die land waarvan die Here gesê het: ‘Ek sal dit aan julle gee.’ Kom saam met ons. Ons sal jou goed behandel, want die Here het goeie dinge aan Israel beloof.”

³⁰Maar Gobab het vir Moses gesê: “Ek sal nie saam gaan nie, ek sal teruggaan na my eie land en familie toe.”

³¹Moses het toe by hom aangedring: “Moet ons tog nie verlaat nie. Jy ken die plekke in die woestyn waar ons kamp kan opslaan, en jy moet ons gids wees.

³²As jy met ons saam kom, sal ons die goeie dinge wat die Here aan ons gee, met jou deel.”

³³Die Israëliete het van die berg van die Here af weggetrek, drie dagreise ver. Die verbondsark van die Here het gedurende die drie dae voor hulle uit getrek om vir hulle 'n plek te vind waar hulle kon oorbly.

³⁴Die wolk van die Here was bedags oor hulle as hulle van die kampplek af wegtrek.

³⁵Elke keer wanneer die ark vertrek, het Moses gesê: “Trek op, Here, verstrooi u vyande! Laat hulle wat vir U haat, voor U wegvlug! ”

³⁶En wanneer die ark neergesit word, sê Moses: “Kom terug, Here, na die ontelbare menigtes van Israel toe.”

Numeri 11

Tabera: vuur brand onder die volk

¹Dit het sleg gegaan met die volk, en hulle het die Here daaroor verwyt. Toe die Here dit hoor, het Hy kwaad geword en vuur onder hulle in gestuur. Dit het 'n deel van die kamp verbrand.

²Die volk het hulle nood by Moses gekla, en hy het tot die Here gebid, en die vuur het doodgegaan.

³Hulle het die plek Tabera genoem, omdat die vuur van die Here onder hulle gebrand het.

Die volk kla oor kos en word gestraf. Die Gees kom op sewentig leiers

⁴Die mense van ander afkoms wat saam met die Israëliete getrek het, het 'n onweerstandbare lus vir vleis gekry, en toe het die Israëliete self ook begin kla en gesê: “As ons tog net vleis gehad het om te eet!

⁵Ons onthou nog die vis wat ons in Egipte verniet kon eet, ook die komkommers, waatlemoene, prei, uie en knoffel.

⁶Maar nou wurg ons. Daar is niks behalwe hierdie manna voor ons nie! ”

⁷Die manna was soos koljandersaad en het gelyk soos balsemgom.

⁸Die volk het die manna oral vandaan bymekaargemaak, dit op maalklippe gemaal of in vysels gestamp en dan in panne gebak of roosterkoeke daarvan gemaak. Dit het soos oliekoeko gesmaak.

⁹Die manna het snags saam met die dou by die kamp geval.

¹⁰Moses het die volk hoor kla, elke familie by die ingang van sy tent. Die Here het hieroor baie kwaad geword, en dit was ook verkeerd in Moses se oë.

¹¹Moses sê toe vir die Here: “Waarom behandel U my so sleg, waarom is U my nie goedgesind nie, dat U die verantwoordelikheid vir hierdie hele volk op my gelaai het?

¹²Het ek dan swanger geword en hierdie hele volk in die wêreld gebring, dat U vir my sê: ‘Dra hulle aan jou bors soos 'n oppasser met 'n suigeling doen, en bring hulle na die land toe wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het’?

¹³Waar sal ek die vleis vandaan haal om aan hierdie hele volk te gee, hulle wat by my kla en sê: ‘Gee vir ons vleis dat ons kan eet!’

¹⁴Ek sien nie langer kans om hierdie hele volk alleen te dra nie, want dit is te swaar vir my.

¹⁵As U so met my wil maak, kan U my gerus maar om die lewe bring as U my goedgesind is. Hierdie slegte behandeling kan ek nie meer verduur nie.”

¹⁶Die Here het vir Moses gesê: “Bring vir My sewentig van Israel se leiers, mense van wie jy weet dat hulle leiers en ampsdraers van die volk is. Neem hulle na die tent van ontmoeting toe en laat hulle daar by jou staan.

¹⁷Ek sal dan afkom en daar met jou praat, en Ek sal van die Gees wat op jou is, op hulle laat kom. Hulle sal dan saam met jou die verantwoordelikheid vir die volk dra, sodat jy dit nie alleen hoef te doen nie.

¹⁸Vir die volk moet jy sê: Reinig julle vir môreoggend, dan sal julle vleis eet. Die Here het gehoor hoe julle kla en sê: ‘As ons tog net vleis gehad het om te

eet; in Egipte was dit vir ons goed! ' Die Here sal vir julle vleis gee, en julle sal eet!

¹⁹Julle sal nie net een dag of twee of vyf of tien of twintig dae eet nie,

²⁰maar 'n hele maand lank, totdat julle daarvan naar word en daarvan walg, omdat julle die Here wat by julle is, getart het, en Hom verwytt het met die woorde: Waarom is ons tog uit Egipte weg? ”

²¹Moses het toe gesê: “Hier is ek tussen ses honderd duisend mense, almal te voet, en U sê U sal vir hulle vleis gee, sodat hulle 'n hele maand lank daarvan kan eet!

²²Sal daar genoeg skape en beeste vir hulle geslag kan word? Sal hulle genoeg hê as al die vis in die see vir hulle gevang word? ”

²³Maar die Here het vir Moses gesê: “Dink jy Ek het nie die mag nie? Jy sal nou self sien of my woord bewaarheid word of nie.”

²⁴Moses het vir die volk gaan vertel wat die Here gesê het. Hy het sewentig leiers van die volk bymekaar laat kom en hulle rondom die tent laat staan.

²⁵Die Here het toe in die wolk afgekom, met Moses gepraat en 'n deel van die Gees wat op Moses was, op die sewentig laat kom. Toe die Gees op hulle kom, het hulle as profete begin optree, maar daarna nie meer nie.

²⁶Twee van die manne onder dié wat opgeskryf was, het nie na die tent toe uitgegaan nie, maar het in die kamp agtergebly. Die een se naam was Eldad en die ander s'n Medad. Terwyl die Gees op hulle gerus het, het hulle in die kamp as profete opgetree.

²⁷'n Jongman het toe gehardloop en vir Moses gaan vertel: “Eldad en Medad tree as profete op in die kamp! ”

²⁸Josua seun van Nun, van jongs af Moses se assistent, het gesê: “Laat hulle tog ophou, Meneer! ”

²⁹Maar Moses sê vir hom: “Bekommer jy jou oor my posisie? Ek sou wou wens dat die hele volk van die Here profete was, en dat Hy sy Gees op almal mag lê.”

³⁰Daarna het Moses en die leiers na die kamp toe teruggegaan.

³¹Die Here het toe 'n wind gestuur en dit het kwartels van die see se kant af aangebring en hulle rondom die kamp laat val, omtrent 'n dagreis ver na alle kante toe en omtrent 'n meter diep op die grond.

³²Die volk het daardie hele dag en die hele nag en ook die volgende dag uitgegaan en kwartels bymekaargemaak. Elkeen het minstens 'n ton vleis bymekaargemaak en dit rondom die kamp oopgegooi.

³³Die vleis was nog tussen hulle tande, hulle het nog nie begin kou nie, toe ontvlam die toorn van die Here teen die volk. Hy het baie van hulle om die lewe gebring.

³⁴Hulle het dié plek Kibrot-Taäwa genoem, omdat hulle die gulsige mense daar begrawe het.

³⁵Van Kibrot-Taäwa af het die volk na Gaserot toe weggetrek en daar gebly.

Numeri 12

Mirjam se straf

¹Mirjam en Aäron het vir Moses aangespreek oor die Kussitiese vrou wat hy gevat het, want hy het met 'n Kussitiese vrou getrou.

²“Het die Here dan net deur Moses gepraat,” wou hulle ook nog weet, “en nie ook deur ons nie?” Die Here het dit gehoor.

³Moses was 'n uiters sagmoedige man, meer as enigiemand anders op die aarde.

⁴Die Here het onmiddellik vir Moses, Aäron en Mirjam gesê: “Gaan julle aldrie na die tent van ontmoeting toe!” En hulle drie het gegaan.

⁵Die Here het toe in 'n wolk afgekom, by die ingang van die tent gaan staan en Aäron en Mirjam nader geroep. Toe hulle twee nader kom,

⁶het die Here gesê: “Luister na wat Ek sê: As daar 'n profeet van die Here onder julle is, maak Ek My aan hom bekend deur visioene en praat Ek met hom in drome.

⁷Maar met my dienaar Moses is dit anders. Hy is die betroubaarste in my diens.

⁸Met hóm praat Ek direk en persoonlik, nie in raaisels nie. Hy sien selfs die gestalte van die Here. Waarom was julle dan nie bang om só met my dienaar Moses te praat nie? ”

⁹Die toorn van die Here het teen hulle ontvlam en Hy het van hulle af weggegaan.

¹⁰Toe die wolk van die tent af optrek, staan Mirjam daar melaats soos sneeu. Toe Aäron na Mirjam toe draai, is sy melaats.

¹¹Hy het vir Moses gesê: “Asseblief, Meneer, moet tog nie die sonde wat ons in dwaasheid begaan het, teen ons hou nie.

¹²Laat sy tog nie wees soos 'n doodgebore kind waarvan die liggaam by geboorte al halfpad verteer is nie.”

¹³Toe het Moses die Here aangeroep en gesê: “Maak haar tog gesond, o God! ”

¹⁴Die Here het vir Moses geantwoord: “As haar pa haar in die gesig gespoeg het, sou dit nie vir sewe dae lank vir haar 'n skande gewees het nie? Laat sy dan nou sewe dae lank uit die kamp uitgesluit word, en daarna kan sy terugkom.”

¹⁵Hulle het Mirjam toe sewe dae lank uit die kamp uitgesluit, en die volk het nie verder getrek voordat sy teruggekom het nie.

¹⁶Daarna het die volk van Gaserot af weggetrek en in die Paranwoestyn kamp opgeslaan.

Numeri 13

Kanaän word verken

(Vgl. Deut. 1:19-25)

¹Die Here het vir Moses gesê:

- ²“Stuur manne om Kanaän, wat Ek aan die Israeliete sal gee, te verken. Uit elke voorvaderlike stam moet jy een stuur wat 'n leier onder hulle is.”
- ³Op die bevel van die Here het Moses hulle toe van die Paranwoestyn af uitgestuur. Al die manne was leiers onder die Israeliete.
- ⁴Hulle was Sammua, seun van Sakkur uit die stam Ruben,
- ⁵Safat, seun van Gori uit die stam Simeon,
- ⁶Kaleb, seun van Jefunne uit die stam Juda,
- ⁷Jigal, seun van Josef uit die stam Issaskar,
- ⁸Hosea, seun van Nun uit die stam Efraim,
- ⁹Palti, seun van Rafu uit die stam Benjamin,
- ¹⁰Gaddiël, seun van Sodi uit die stam Sebulon,
- ¹¹Gaddi, seun van Susi uit die stam Manasse, 'n Josefstam,
- ¹²Ammiël, seun van Gemalli uit die stam Dan,
- ¹³Setur, seun van Migael uit die stam Aser,
- ¹⁴Nagbi, seun van Wofsi uit die stam Naftali, en
- ¹⁵Geüel, seun van Maki uit die stam Gad.
- ¹⁶Dit is die name van die manne vir wie Moses gestuur het om die land te verken. Moses het aan Hosea seun van Nun die naam Josua gegee.
- ¹⁷Moses het hulle gestuur om Kanaän te verken, en vir hulle gesê: “Trek deur die Suidland en op na die bergwêreld toe.
- ¹⁸Bekyk die land, hoe dit is, en of die mense wat daar woon, sterk of swak, min of baie is,
- ¹⁹of die land waarin hulle woon, goed of sleg is, en of die mense se stede oop of versterk is,

²⁰of die grond vrugbaar of skraal is, of dit bome het of nie. Doen julle bes om van die land se vrugte saam te bring.” Dit was juis die tyd van die eerste ryp druiwe.

²¹Hulle het toe die land gaan verken, van die Sinwoestyn af tot by Regob, by Lebo-Hamat.

²²Hulle het deur die Suidland getrek en by Hebron gekom, waar Agiman, Sesai en Talmai, afstammelinge van Enak, gewoon het. Hebron is reeds sewe jaar voor die Egiptiese stad Soan gebou.

²³Toe hulle by Eskolspruit kom, het hulle daar 'n rank met een druiwetros afgesny. Twee van hulle het dit aan 'n stok gedra, saam met 'n paar granate en vye.

²⁴As gevolg van die tros wat die Israeliete daar afgesny het, het hulle die plek Eskolspruit genoem.

²⁵Nadat hulle die land veertig dae lank verken het, het hulle teruggegaan.

'n Meerderheids- en minderheidsverslag

²⁶Die verkenners het toe by Moses en Aäron en die hele vergadering van die Israeliete by Kades in die Paranwoestyn aangekom. Daar het hulle aan Moses-hulle en aan die hele vergadering verslag gedoen en vir hulle die vrugte van die land gewys.

²⁷Hulle het aan Moses gerapporteer en gesê: “Ons het in die land gekom waarheen u ons gestuur het. Dit loop oor van melk en heuning, en hier is van sy vrugte.

²⁸Maar die mense wat in die land woon, is sterk, en die stede is versterk en baie groot. Ons het ook die nasate van Enak daar gesien.

²⁹Die Amalekiete woon in die Suidland, die Hetiete, Jebusiete en Amoriete in die Bergwêreld, en die Kanaäniete by die see en langs die Jordaan.”

³⁰Kaleb het egter die manne wat met Moses praat, stilgemaak en gesê: “Ons moet beslis optrek en die land in besit neem, want ons kán dit doen.”

³¹Maar die manne wat saam met hom gegaan het, het gesê: “Nee, ons kan nie teen daardie mense optrek nie, want hulle is sterker as ons.”

³²Die manne het toe 'n slegte gerug onder die Israeliete versprei oor die land wat hulle verken het. Hulle het gesê: “Die land wat ons gaan verken het, is 'n land wat die lewe vir sy inwoners onmoontlik maak, en die mense wat ons daarin gesien het, is almal baie groot.

³³Ons het daar ook die reuse gesien. Die Enakiete stam van hulle af. Ons was soos sprinkane in ons eie oë, en so was ons ook in hulle oë.”

Numeri 14

'n Opstand en sy gevolge

(Vgl. Deut. 1:26-46)

¹Daardie nag het die hele volksvergadering aanhoudend gekla.

²Al die Israeliete was in verset teen Moses en Aäron, en die hele vergadering het vir hulle gesê: “As ons maar in Egipte of in hierdie woestyn gesterf het!

³Waarom het die Here ons na hierdie land toe gebring? Net om doodgemaak te word? Ons vrouens en kinders sal krygsgevangenes word. Is dit nie vir ons beter om na Egipte toe terug te gaan nie? ”

⁴Hulle het toe vir mekaar gesê: “Kom ons kies 'n leier en gaan terug Egipte toe!”

⁵Moses en Aäron het toe voor die hele vergadering van Israeliete wat daar saam was, op hulle knieë geval.

⁶Ook het Josua seun van Nun, en Kaleb seun van Jefunne, manne wat saam die land verken het, hulle klere geskeur,

⁷en vir die hele vergadering Israeliete gesê: “Die land wat ons gaan verken het, is 'n buitengewoon goeie land.

⁸As die Here ons goedgesind is, sal Hy ons na hierdie land toe bring en dit aan ons gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

⁹Julle moet net nie teen die Here in opstand kom nie. Moet ook nie vir die mense van die land bang wees nie, want ons sal hulle maklik verslaan. Hulle

gode sal hulle nie kan beskerm nie. Die Here is by ons. Moenie vir hulle bang wees nie! ”

¹⁰Maar die hele vergadering het gedreig om vir Josua en Kaleb met klippe dood te gooi. Toe het die magtige teenwoordigheid van die Here by die tent van ontmoeting vir al die Israëliete sigbaar geword.

¹¹Die Here het vir Moses gesê: “Hoe lank sal hierdie volk my almag bly onderskat? Hoe lank sal hulle weier om op My te vertrou ten spyte van al die wonders wat Ek onder hulle gedoen het?

¹²Ek gaan hulle tref met die pes en hulle uitroei, en dan sal Ek jou 'n volk maak, groter en sterker as hulle! ”

¹³⁻¹⁴Maar Moses het vir die Here gesê: “Die Egiptenaars sal dit hoor en dit vir die inwoners van hierdie land vertel. Dit is tog U wat hierdie volk deur u mag uit Egipte laat wegtrek het, en die inwoners van hierdie land het reeds gehoor dat U, Here, onder hierdie volk is, dat U duidelik waarneembaar verskyn het, dat u wolk oor hulle is, en dat U bedags in 'n wolkkolom en snags in 'n vuurkolom voor hulle uit gaan.

¹⁵As U hierdie volk soos een man om die lewe bring, sal die nasies wat van u dade gehoor het, sê:

¹⁶‘Die Here was nie in staat om hierdie volk in te bring in die land wat Hy met 'n eed aan hulle beloof het nie, daarom het Hy hulle in die woestyn omgebring.’

¹⁷“Laat u groot mag nou bekend word, Here, soos U gesê het:

¹⁸‘Ek, die Here, is lankmoedig en vol liefde; Ek vergewe ongeregtigheid en oortreding, maar Ek spreek niemand sonder meer vry nie. Ek reken kinders die sondes van vaders toe selfs tot in die derde en vierde geslag.’

¹⁹Vergewe dan tog die sonde van hierdie volk in u groot liefde, soos U hulle van Egipte af tot hertoe vergewe het! ”

²⁰Toe het die Here geantwoord: “Ek vergewe hulle, soos jy gevra het.

²¹Nogtans, so seker as Ek leef en die hele aarde vol sal word van my magtige teenwoordigheid,

²²nie een van die manne wat my mag en die wonders wat Ek in Egipte en in die woestyn gedoen het, gesien het, en wat My nou oor en oor getart het en nie na my woorde geluister het nie,

²³sal die land wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het, sien nie. Nie een van hulle wat My geminag het, sal die land sien nie.

²⁴Maar omdat my dienaar Kaleb 'n ander gesindheid het en My getrou gevolg het, sal Ek hom inbring in die land wat hy gaan verken het, en sy nageslag sal dit besit.

²⁵“Die Amalekiete en die Kanaäniete woon in die laagte. Draai môre om en trek weg na die woestyn toe met die Rietseepad.”

²⁶Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²⁷“Hoe lank sal hierdie slegte volk nog aanhou met hulle verset teen My? Ek het opgemerk hoe die Israeliete hulle teen My verset.

²⁸Sê vir hulle: ‘So seker as Ek leef,’ sê die Here, ‘Ek sal met julle maak soos Ek julle hoor sê het.

²⁹In hierdie selfde woestyn sal die lyke bly lê van julle almal van twintig jaar en ouer wat in die sensus opgeneem is en wat teen My in verset gekom het.

³⁰Nie een van julle sal die land betree wat Ek met 'n eed aan julle as woonplek beloof het nie, behalwe Kaleb seun van Jefunne, en Josua seun van Nun.

³¹En wat julle kinders betref, van wie julle gesê het dat hulle krygsgevangenes sal word, vir hulle sal Ek inbring, en hulle sal die land wat deur julle verwerp is, lief kry.

³²Maar julle lyke sal in hierdie woestyn bly lê.

³³Julle kinders sal veertig jaar lank in die woestyn rondtrek. Hulle sal die gevolge van julle ontrou moet dra totdat julle almal se lyke in die woestyn lê.

³⁴Julle het die land veertig dae lank verken. Julle sal veertig jaar, een jaar vir elke dag, die gevolge van julle ongeregtigheid moet dra. Dan sal julle besef wat dit beteken om My teen julle te hê.’

³⁵Ek, die Here, het dit gesê, Ek sal dit beslis doen aan hierdie slegte volk wat teen My saamgespan het: hulle sal in hierdie woestyn omkom en hier sterf.”

³⁶Die manne vir wie Moses gestuur het om die land te verken en wat ná hulle terugkoms die hele volk teen Moses in verset laat kom het deur die slegte gerug oor die land te versprei,

³⁷almal wat vir die slegte gerug oor die land verantwoordelik was, het gesterwe deur 'n plaag wat deur die Here gestuur is.

³⁸Van die manne wat die land gaan verken het, het net Josua seun van Nun, en Kaleb seun van Jefunne bly lewe.

³⁹Toe Moses vir al die Israeliete sê wat die Here gesê het, het die volk begin kerm en huil.

⁴⁰Hulle het toe die oggend vroeg klaargemaak en na die hoë Bergland toe begin trek. “Ons was verkeerd,” het hulle gesê, “ons wil nou optrek na die plek toe wat die Here beloof het.”

⁴¹Maar Moses het gesê: “Waarom oortree julle die bevel van die Here? Julle sal nie die land verower nie.

⁴²Moenie gaan nie, want die Here is nie by julle nie. Julle sal deur julle vyande verslaan word,

⁴³want die Amalekiete en Kanaäniete sal julle daar inwag, en julle sal om die lewe gebring word. Die Here sal nie by julle wees nie, omdat julle van Hom af weggedraai het.”

⁴⁴Hulle was egter vermetel genoeg om tog na die hoë Bergland toe te begin trek. Maar Moses en die verbondsark van die Here het nie die kamp verlaat nie.

⁴⁵Die Amalekiete en Kanaäniete wat in daardie Bergland woon, het afgekom en hulle verslaan en uitmekaar gejaag tot by Gorma.

Numeri 15

Bykomende offers

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete: As julle in die land kom wat Ek vir julle as woonplek gee,

³en julle vir My, die Here, van julle beeste of kleinvee 'n vuuroffer wil aanbied wat vir My aanvaarbaar is, 'n brandoffer of 'n ander diereoffer om 'n gelofte te betaal of as vrywillige offer, of by julle feestye,

⁴dan moet die een wat sy offer bring, vir My ook 'n graanoffer bring van een en 'n half kilogram meel, gemeng met een liter olie.

⁵“Saam met elke lam wat as brandoffer of ander diereoffer gebring word, moet jy 'n liter wyn as drankoffer aanbied.

⁶“Vir 'n ram moet jy 'n graanoffer aanbied van drie kilogram meel, gemeng met een en 'n derde liter olie,

⁷en daarby een en 'n derde liter wyn as drankoffer. Jy moet dit bring dat dit vir My, die Here, aanvaarbaar is.

⁸“As jy 'n jong bul as brandoffer of ander diereoffer aanbied om 'n gelofte te betaal of as ander maaltydoffer aan My,

⁹moet jy by die bul vier en 'n half kilogram meel, gemeng met twee liter olie, as graanoffer bring.

¹⁰Bring ook ongeveer twee liter wyn as drankoffer. “So sal dit 'n vuuroffer wees wat deur My, die Here, aanvaar word.

¹¹Elke bul, elke ram of lam van skape of bokke moet so aangebied word.

¹²Julle moet so maak met elke dier wat julle as vuuroffer aanbied.

¹³Elke landsburger wat 'n vuuroffer wil aanbied, wat deur My, die Here, aanvaar word, moet dit op dieselfde manier doen.

¹⁴'n Vreemdeling wat by julle woon, of iemand wat reeds vir geslagte onder julle is, moet ook 'n vuuroffer aanbied wat deur My aanvaar word. Hy moet presies dieselfde doen as julle.

¹⁵Daar moet in die gemeente dieselfde voorskrif wees vir julle en vir die vreemdeling wat by julle woon. Dit is 'n vaste voorskrif vir julle nageslag dat die vreemdeling net soos julle moet wees voor die Here.

¹⁶Een en dieselfde wet en bepaling moet op julle en op die vreemdeling wat by julle woon, van toepassing wees.”

¹⁷Die Here het ook vir Moses gesê:

¹⁸“Sê vir die Israeliete: As julle in die land kom waarheen Ek julle bring,

¹⁹en julle eet van die land se brood, moet julle 'n offergawe vir My bring.

²⁰Offer 'n ringbrood van julle eerste growwe meel, en bied dit aan as 'n offergawe van julle dorsvloer af. So moet julle dit offer.

²¹Al julle geslagte moet altyd weer 'n offergawe van die eerste growwe meel aan My gee.”

Onopsetlike sonde

²²“Dit kan gebeur dat julle onopsetlik sondig en nie handel volgens al die gebooie wat Ek, die Here, aan Moses gegee het nie,

²³dat julle nie handel volgens alles wat Ek julle deur Moses beveel het van die dag af waarop Ek dit gegee het en verder in julle nageslagte nie.

²⁴As dit onopsetlik gedoen is sonder dat die gemeente daarvan bewus was, moet die hele gemeente 'n jong bul as brandoffer berei wat deur My, die Here, aanvaar word. Hulle moet dit berei saam met die voorgeskrewe graan- en drankoffer, en 'n bokram as sondeoffer.

²⁵Die priester moet vir die hele gemeente van Israel versoening doen, en hulle sal vergewe word, want dit was onopsetlik, en hulle het vir hulle onopsetlike sonde hulle vuuroffer en hulle sondeoffer vir My gebring.

²⁶Die hele gemeente van Israel en die vreemdeling wat by hulle woon, sal vergewe word, want hulle het onopsetlik gesondig.

²⁷As een persoon onopsetlik sondig, moet hy 'n jaaroud bokooi as sondeoffer bring.

²⁸Die priester moet vir die persoon wat onopsetlik gesondig het, voor My versoening doen, en as die versoening vir hom gedoen is, sal die sonde hom vergewe word.

²⁹Een en dieselfde wet geld vir elkeen wat onopsetlik gesondig het, of hy 'n gebore Israeliet is of 'n vreemdeling wat by julle woon.

³⁰“Maar die landsburger of vreemdeling wat moedswillig sondig, doen My, die Here, oneer aan en hy moet van sy volk afgesny word.

³¹Omdat hy die woord van die Here verag het en sy gebooie verbreek het, moet so iemand doodgemaak word; hy moet die straf vir sy sonde dra.”

'n Sabbatskender word gestraf

³²Terwyl die Israeliete in die woestyn was, het hulle 'n man gekry wat op die sabbat hout bymekaarmaak.

³³Die mense wat hom gekry het terwyl hy besig was om hout bymekaar te maak, het hom na Moses, Aäron en die hele gemeente toe gebring.

³⁴Hulle het hom aangehou, want dit was nie duidelik wat hulle met hom moes doen nie.

³⁵Die Here het toe vir Moses gesê: “Die man moet beslis sterwe. Die hele gemeente moet hom buite die kamp met klippe doodgooi.”

³⁶Hulle het hom toe uitgebring buite die kamp en hom met klippe doodgegooi. So het hy dan gesterf, soos die Here vir Moses beveel het.

Klossies en gebooie

³⁷Die Here het verder vir Moses gesê:

³⁸“Sê vir die Israeliete hulle moet aan die some van hulle klere klossies vaswerk. Dit geld ook vir hulle nageslag. Hulle moet 'n blou toutjie aan die hoekklossies vaswerk.

³⁹As julle die klossies sien, moet julle dink aan al my gebooie sodat julle dit onderhou en nie die sondige begeertes van julle hart en oë navolg nie.

⁴⁰Julle moet aan al my gebooie dink en hulle onderhou sodat julle aan My gewy sal wees.

⁴¹Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte gebring het om vir julle 'n God te wees. Ek is die Here julle God.”

Numeri 16

Opstand van Korag, Datan en Abiram

¹Korag seun van Jishar, seun van Kehat, seun van Levi, het saam met die Rubeniete Datan en Abiram, seuns van Eliab, en On seun van Pelet

²teen Moses in opstand gekom. Saam met hulle was twee honderd en vyftig Israelitiese mans, leiers van die gemeenskap wat deur die volksvergadering aangewys is, manne van aansien.

³Hulle het as 'n groep teen Moses en Aäron saamgekom en vir hulle gesê: “Dit is nou genoeg. Die hele gemeente, elke lid daarvan, is gewyd, en die Here is by hulle. Waarom verhef julle julle dan bo die gemeente van die Here? ”

⁴Toe Moses dit hoor, het hy op sy knieë geval en gebid.

⁵Daarna het hy vir Korag en sy hele bende gesê: “Môreoggend sal die Here die persoon aanwys wat aan Hom behoort en wat gewy is en sal Hy hom toelaat om by die altaar te kom. Die persoon wat Hy verkies, sal Hy na die altaar toe laat kom.

⁶Korag, jy en almal by jou moet dít doen: vat môre vir julle vuurpanne,

⁷sit vuur daarin, plaas wierook daarop en bring dit altaar toe. Die man vir wie die Here verkies, is die gewyde. Julle Leviëte matig julle te veel aan! ”

⁸Verder het Moses vir Korag-hulle gesê: “Luister, Leviete!

⁹Is julle nie daarmee tevrede dat die God van Israel julle uit die gemeente van Israel afgesonder het om in die heiligdom diens te doen en om die dienswerk in die tabernakel van die Here te verrig in belang van die gemeente vir wie julle bedien nie?

¹⁰Hy het jôú, Korag, en al jou Levitiese ampsgenote saam met jou laat diens doen in die heiligdom, maar nou wil julle ook nog die priesterskap inpalm!

¹¹Dat julle julle teen Aäron verset, is niks nie, maar jy en jou hele bende het 'n komplot teen die Here gesmee.”

¹²Daarna het Moses vir Datan en Abiram, seuns van Eliab, laat roep. Maar hulle het gesê: “Ons sal nie kom nie.

¹³Is dit nie genoeg dat jy ons laat trek het uit 'n land wat oorloop van melk en heuning om ons in die woestyn te laat omkom nie? En nou wil jy ook nog gedurig oor ons baasspeel!

¹⁴Bowendien het jy ons nie gebring na 'n land toe wat oorloop van melk en heuning nie, en ook nie vir ons lande en wingerde gegee nie. Wil jy hierdie mense aanhou mislei? Ons sal nie kom nie! ”

¹⁵Moses het baie kwaad geword en vir die Here gesê: “U moet hulle offergawe nie aanneem nie! Ek het nie 'n enkele donkie van hulle gevat nie en nie een van hulle benadeel nie.”

¹⁶Moses sê toe vir Korag: “Jy en jou hele bende moet môre na die altaar toe kom, jy en hulle en ook Aäron.

¹⁷Elkeen moet wierook in 'n vuurpan sit en dit na die altaar toe bring, elkeen van die twee honderd en vyftig man met sy eie vuurpan, en ook jy en Aäron, elkeen met sy vuurpan.”

¹⁸Almal het toe hulle vuurpanne gevat, vuur daarin gesit en wierook daarop geplaas, en by die ingang van die tent van ontmoeting gaan staan, ook Moses en Aäron.

¹⁹Net toe Korag die hele gemeente teenoor Moses-hulle by die ingang van die tent van ontmoeting laat saamkom, word die magtige teenwoordigheid van die Here vir die hele gemeente sigbaar.

²⁰Die Here sê toe vir Moses en Aäron:

²¹“Gee pad van hierdie gemeente af, dat Ek hulle in 'n oogwink kan vernietig.”

²²Maar Moses en Aäron het op hulle knieë geval en gebid: “O God, God wat aan alle mense die lewe gee, sal u toorn teen die hele gemeente ontvlam as net een mens gesondig het? ”

²³Toe sê die Here vir Moses:

²⁴“Sê vir die gemeente: Gee pad van Korag, Datan en Abiram se tente af! ”

²⁵Daarna het Moses na Datan en Abiram toe gegaan, en die leiers van Israel het hom gevolg.

²⁶Hy sê toe vir die gemeente: “Gee pad van die tente van hierdie goddelose mense af! Moenie aan iets van hulle raak nie, dat julle nie deur al hulle sondes omkom nie.”

²⁷Die gemeente het toe van Korag, Datan en Abiram se tente af padgegee. Datan en Abiram het uitgekom saam met hulle vrouens, hulle kinders en almal onder hulle sorg en voor hulle tente gaan staan.

²⁸Toe sê Moses: “Hieraan sal julle weet dat die Here my gestuur het om al hierdie dinge te doen en dat dit nie uit myself is nie.

²⁹As hierdie manne 'n gewone dood sterf en dit met hulle gaan soos dit met elke mens gaan, het die Here my nie gestuur nie!

³⁰Maar as die Here iets nuuts laat gebeur en die aarde sy mond oopmaak en hulle insluk saam met alles wat aan hulle behoort, sodat hulle lewend in die doderyk afgaan, sal julle weet dat hierdie mense die Here geminag het.”

³¹Net toe Moses klaar gepraat het, skeur die grond onder hulle oop

³²en maak die aarde sy mond oop en sluk vir Datan en Abiram met hulle gesinne in en ook vir Korag en al die manne by hom saam met hulle besittings.

³³Hulle en alles wat aan hulle behoort, het lewend in die doderyk afgegaan; die aarde het hulle bedek, en so het hulle uit die gemeente verdwyn.

³⁴Al die Israeliete in die omgewing het gevlug toe hulle die geskree hoor, want hulle het gedink: dalk sluk die aarde ons ook in!

³⁵Toe het die Here 'n vuur gestuur en dit het die twee honderd en vyftig man wat die wierookoffer wou bring, verteer.

Die vuurpanne

³⁶Daarna het die Here vir Moses beveel:

³⁷“Sê vir die priester Eleasar seun van Aäron hy moet die vuurpanne wegvat waar die brand was en die kole êrens weggooi, want die kole is aan die Here gewy.

³⁸Van die vuurpanne van die manne wat deur hulle sonde gesterf het, moet julle dun plate maak en die altaar daarmee oortrek, want hulle is by die altaar gebruik en is aan die Here gewy. Hulle moet die Israeliete altyd aan hierdie gebeure herinner.”

³⁹Die priester Eleasar het toe die bronsvuurpanne gevat wat by die altaar gebruik is deur die manne wat verbrand is, en hulle uitgeklop en die altaar daarmee oorgetrek.

⁴⁰Dit moes die Israeliete altyd daaraan herinner dat iemand wat nie uit Aäron se geslag is nie en dus nie daartoe bevoeg is nie, nie 'n wierookoffer na die altaar toe mag bring om dit aan die Here te offer nie. Anders sal so 'n persoon soos Korag en sy bende word oor wie die Here deur middel van Moses uitspraak gelewer het.

⁴¹Die volgende môre het die hele gemeente van Israel teen Moses en Aäron in verset gekom en gesê: “Julle het die volk van die Here doodgemaak!”

⁴²Toe die gemeente teen Moses en Aäron bymekaarkom en na die tent van ontmoeting toe draai, het die wolk die tent bedek en het die magtige teenwoordigheid van die Here sigbaar geword.

⁴³Moses en Aäron het toe na die voorkant van die tent van ontmoeting toe gegaan,

⁴⁴en die Here het vir Moses gesê:

⁴⁵“Gee pad tussen die gemeente uit dat Ek hulle in 'n oogwink kan verdelg.” Moses en Aäron het op hulle knieë geval en gebid.

⁴⁶Moses sê toe vir Aäron: “Vat 'n vuurpan, sit vuur van die altaar af daarin en plaas wierook daarop en gaan gou na die gemeente toe en doen vir hulle versoening. Die toorn van die Here het reeds ontvlam en Hy het hulle met 'n plaag begin straf.”

⁴⁷Aäron het gedoen soos Moses gesê het en tussen die gemeente in gehardloop. Die plaag het toe reeds onder die volk begin woed, maar Aäron het die wierook geoffer en vir die volk versoening gedoen.

⁴⁸Hy het gaan staan tussen dié wat al dood was en dié wat nog geleef het, en die plaag het opgehou.

⁴⁹Daar het veertien duisend sewe honderd deur die plaag omgekom, afgesien van dié wat deur Korag se toedoen gesterf het.

⁵⁰Aäron is toe terug na Moses toe by die ingang van die tent van ontmoeting. Die plaag was verby.

Numeri 17

Aäron se kerie

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Vra vir die Israeliete twaalf keries, een vir die leier van elkeen van die twaalf stamme. Skryf die naam van elke leier op sy kerie.

³Op Levi se kerie moet jy Aäron se naam skryf. Daar moet net een kerie vir elke stam wees.

⁴Sit die keries dan voor die getuienis in die tent van ontmoeting, waar Ek julle ontmoet.

⁵Die kirie van die man wat Ek uitkies, sal bot, en so sal Ek 'n einde maak aan die Israeliete se aanhoudende verset teen julle.”

⁶Moses het toe met die Israeliete gepraat, en hulle leiers het vir hom twaalf kieres gegee, een vir die leier van elkeen van die twaalf stamme. Aäron se kirie was ook onder hulle.

⁷Moses het toe die kieres neergesit in die tent met die getuienis, in die teenwoordigheid van die Here.

⁸Toe Moses die volgende môre by die tent met die getuienis kom, was daar botsels aan die kirie van Aäron, wat daar was vir die stam Levi. Trouens, daar was nie net botsels aan nie, daar was ook bloeisels en dit het selfs ryp amandels gedra.

⁹Moses het toe al die kieres wat in die heiligdom was, na Israel toe uitgebring, en hulle het dit gesien, en elke leier het sy eie kirie gevat.

¹⁰Die Here sê toe vir Moses: “Sit Aäron se kirie terug voor die getuienis, en bêre dit as teken vir die opstandiges. So moet jy 'n einde maak aan hulle verset teen My, sodat hulle nie sterwe nie.”

¹¹Moses het gedoen presies soos die Here hom beveel het.

¹²Die Israeliete het toe vir Moses gesê: “Dit is klaar met ons! Ons gaan tot niet, ons gaan almal tot niet!

¹³Elkeen wat maar net naby die tabernakel van die Here kom, sal sterwe. Is dit dan heeltemal klaar met ons? ”

Numeri 18

Die ampspligte van priesters en Leviete

¹Die Here het vir Aäron gesê: “Jy en jou seuns, en jou stam saam met jou, word aanspreeklik gehou vir oortredings teen die heiligdom, maar net jy en jou seuns word aanspreeklik gehou vir oortredings teen die priesteramp wat deur julle bekleed word.

²Jy moet jou Levitiese ampsgenote uit jou stam na jou toe laat kom dat hulle by jou kan aansluit en jou kan help. Jy en jou seuns moet die ampspligte by die tent met die getuienis verrig.

³Die Leviete is tot jou beskikking vir al die diens by die tent. Hulle mag egter nie die offergereedskap hanteer om op die altaar te offer nie, want dan sal hulle en julle sterf.

⁴Hulle moet by jou aansluit en die diens by die tent van ontmoeting waarneem, al die werk by die tent. Iemand wat nie daartoe bevoeg is nie, mag nie saam met julle diens doen nie.

⁵Net julle mag die diens by die heiligdom en die altaar waarneem, sodat die toorn van die Here nie weer oor die Israëliete kom nie.

⁶Ek het julle Levitiese ampsgenote uit die Israëliete afgesonder as my geskenk aan julle. Hulle behoort aan My vir die werk by die tent van ontmoeting.

⁷Maar net jy en jou seuns mag as priesters diens doen en al die werk by die altaar en agter die voorhangsel verrig. Dat julle die priesterskap mag beklee, is 'n geskenk van My aan julle. 'n Onbevoegde persoon wat nader kom om die diens te verrig, moet doodgemaak word.”

Voorsiening in die onderhoud van priesters en Leviete

⁸Die Here het vir Aäron gesê: “Ek het jou aangestel om toesig te hou oor die offergawes wat vir My gebring word. Ek gee aan jou en jou seuns 'n deel van al die gewyde gawes wat deur die Israëliete gebring word. Dit is 'n vaste instelling.

⁹Die deel van die besondere gewyde gawes wat nie verbrand word nie, kom jou toe. Dit geld van al die offergawes wat die Israëliete vir My bring as besondere gewyde gawes, of dit graanoffers, sondeoffers of skuldoffers is. Dit behoort aan jou en jou seuns.

¹⁰Wanneer jy dit eet, moet jy onthou dat dit besondere gewyde gawes is. Elke manspersoon uit jou familie mag dit eet. Dit moet ook vir jôú gewyde gawes wees.

¹¹“Verder behoort elke offergawe wat die Israëliete as beweegoffer bring, aan jou. Ek gee dit vir jou en jou seuns en jou dogters. Dit is 'n vaste instelling. Elkeen in jou huis wat rein is, mag daarvan eet.

¹²“Ek gee ook aan jou die beste van al die olie, die wyn en die koring wat deur die Israëliete uit hulle eerste opbrengs vir die Here gebring word.

¹³Die eerste van alles wat hulle land oplewer en wat hulle vir die Here bring, is joune. Elkeen in jou huis wat rein is, mag daarvan eet.

¹⁴Alles wat in Israel as banoffer aan die Here gewy word, is joune.

¹⁵Elke eersgeborene van mens of dier wat vir die Here gebring word, is joune. Maar elke eersgebore seun en elke eersteling van 'n onrein dier moet jy loskoop.

¹⁶Wat die loskoping betref, jy moet hulle loskoop as hulle 'n maand oud is, elkeen teen die vasgestelde prys van vyf en vyftig gram silwer volgens die standaardgewig van die heiligdom.

¹⁷Maar die eerstelinge van beeste, skape en bokke moet jy nie loskoop nie, hulle is aan My gewy. Jy moet hulle bloed teen die altaar sprinkel en hulle vet as 'n vuuroffer verbrand, 'n offer wat vir My, die Here, aanvaarbaar is.

¹⁸Die vleis van hierdie offerdiere is joune net soos die bors en die regterboud van die beweegoffer joune is.

¹⁹Aan jou, jou seuns en jou dogters gee Ek al die gewyde gawes wat deur die Israëliete vir My as offergawes gebring word. Dit is 'n vaste instelling. Dit is my onverbreekbare verbond met jou en jou nageslag.”

²⁰Die Here het vir Aäron gesê: “Jy ontvang nie 'n deel van die Israëliete se land as besitting nie, jy kry nie 'n deel saam met hulle nie. Jou deel en jou besitting onder die Israëliete ontvang jy uit wat My toekom.

²¹“Vir die dienswerk wat die Leviëte in die tent van ontmoeting verrig, gee Ek aan hulle as hulle besitting al die tiendes wat die Israëliete as offergawes bring.

²²Die Israëliete mag nie weer naby die tent van ontmoeting diens probeer doen nie, want dan sondig hulle en sal hulle sterwe.

²³Die Leviete moet die diens by die tent van ontmoeting behartig, en hulle is aanspreeklik vir hulle eie oortredinge. Dit is 'n vaste instelling, ook vir julle nageslag. Die Leviete kry nie 'n deel van die land saam met die Israeliete nie.

²⁴Ek gee aan die Leviete as hulle besitting die tiendes wat die Israeliete as offergawe aan die Here bring. Dit is waarom Ek vir hulle gesê het dat hulle nie 'n deel van die land saam met die Israeliete kry nie.”

²⁵Die Here het verder vir Moses gesê:

²⁶“Sê vir die Leviete: As julle die tiende wat Ek vir julle as besitting gee, van die Israeliete ontvang, moet julle 'n tiende daarvan as 'n offergawe aan die Here bring.

²⁷Julle offergawe sal beskou word asof dit koring is wat van die dorsvloer af kom en asof dit uit die volle opbrengs van die parskuip kom.

²⁸So moet ook julle van al die tiendes wat julle van die Israeliete ontvang, 'n offergawe aan die Here bring. Wat die Here daarvan toekom as offergawe, moet julle aan die priester Aäron gee.

²⁹Van alles wat aan julle gegee word, moet julle die beste en die mees gewyde deel as offergawe aan die Here bring.

³⁰Jy moet vir die Leviete sê: As julle die beste daarvan as offergawe bring, sal dit vir julle beskou word as julle deel van die opbrengs van die dorsvloer en die parskuip.

³¹Julle en julle gesinne mag op enige plek daarvan eet. Dit is die beloning vir julle dienswerk by die tent van ontmoeting.

³²Deur die beste daarvan te bring, sal julle nie in hierdie saak oortree nie. Maar julle mag nie die gewyde gawes van die Israeliete ontwy nie, want dan sal julle sterwe.”

Numeri 19

Die reinigingswater

¹Die Here het vir Moses en Aäron gesê:

²“Ek gee ook hierdie voorskrif vir julle: Sê vir die Israëliete hulle moet vir jou 'n rooi koei bring. Die koei moet sonder liggaamsgebrek of letsel wees en sy mag ook nie in 'n juk getrek het nie.

³Gee haar vir die priester Eleasar, en hy moet haar buitekant die kamp laat uitbring en voor hom laat slag.

⁴Hy moet dan van die koei se bloed op sy vinger neem en dit sewe keer in die rigting van die ingang van die tent van ontmoeting sprinkel.

⁵Die koei moet dan in Eleasar se teenwoordigheid verbrand word. Hulle moet haar vel, vleis en bloed saam met haar pensmis verbrand.

⁶Die priester moet sederhout, hisop en bloedrooi wolstof op die koei gooi wat verbrand word.

⁷Dan moet hy sy klere was en hom bad. Daarna mag hy in die kamp kom, maar hy sal die res van die dag onrein wees.

⁸Die persoon wat die koei verbrand, moet self ook sy klere was en hom bad, en hy sal ook die res van die dag onrein wees.

⁹'n Rein persoon moet die as van die koei bymekaarmaak en dit buitekant die kamp op 'n rein plek bêre. Die as is tot beskikking van die gemeente van Israel om in reinigingswater te gebruik. Die koei is 'n sondeoffer.

¹⁰Die man wat die koei se as bymekaargemaak het, moet ook sy klere was en hy sal die res van die dag onrein wees. “Dit is 'n vaste instelling vir die Israëliete en vir die vreemdelinge wat by hulle woon.

¹¹“Iemand wat aan die lyk van 'n mens raak, sal sewe dae lank onrein wees.

¹²Hy moet hom op die derde en die sewende dag met die reinigingswater reinig, dan sal hy rein wees. As hy hom nie op die derde en die sewende dag reinig nie, bly hy onrein.

¹³Elkeen wat aan die lyk van 'n mens raak en homself nie reinig nie, verontreinig die tabernakel van die Here. So 'n persoon moet van Israel afgesny

word. Omdat die reinigingswater nie op hom gesprinkel is nie, is hy onrein, en bly sy onreinheid op hom.

¹⁴“Wanneer iemand in 'n tent sterf, is dít die voorskrif: Elkeen wat in die tent kom, en alles wat daarin is, sal sewe dae lank onrein wees.

¹⁵Ook elke gebruiksvoorwerp wat nie met 'n deksel toegemaak is nie, sal onrein wees.

¹⁶Enigiemand wat in die veld aan 'n persoon raak wat doodgemaak is, of aan iemand wat gewoon gesterf het, of aan 'n mensbeen of aan 'n graf, sal sewe dae lank onrein wees.

¹⁷“Wanneer 'n persoon op hierdie manier onrein geword het, moet iemand van die as vat van die sondeoffer wat verbrand is, dit in 'n pot sit en vars water daaroor gooi.

¹⁸Dan moet iemand wat rein is, 'n hisoptakkie in die water doop en die water sprinkel oor die tent, oor al die gebruiksvoorwerpe en oor die mense wat by was. Dieselfde moet gebeur met iemand wat aan doodsbene geraak het of aan die lyk van iemand wat doodgemaak is of aan iemand wat gewoon gesterf het of aan 'n graf.

¹⁹'n Rein persoon moet op die derde en die sewende dag die water oor die onreine sprinkel, en op die sewende dag moet die onreine homself reinig. Daarna moet hy sy klere was en hom bad, dan sal hy teen die aand rein wees.

²⁰As iemand onrein is en hy hom nie reinig nie, moet hy van die gemeente afgesny word. Hy het die heiligdom van die Here ontwy, die reinigingswater is nie oor hom gesprinkel nie en daarom bly hy onrein.

²¹“Dit is vir julle 'n vaste instelling. “Die persoon wat die reinigingswater sprinkel, moet self ook sy klere was, en enigeen wat aan die reinigingswater raak, sal die res van die dag onrein wees.

²²Enigiets waaraan 'n onrein persoon raak, sal onrein wees, en enigiemand wat aan hom raak, sal die res van die dag onrein wees.”

Numeri 20

Water uit die rots

¹Die hele volk Israel het in die eerste maand in die Sinwoestyn aangekom en toe by Kades oorgebly. Mirjam is daar oorlede en is ook daar begrawe.

²⁻³Omdat die volk geen drinkwater gehad het nie, het hulle saam teen Moses en Aäron rusie gemaak en gesê: “As ons maar liever ook omgekom het toe ons volksgenote deur die Here om die lewe gebring is!

⁴Waarom het julle die volk van die Here na hierdie woestyn toe gebring, dat ons en ons vee hier moet sterwe?

⁵Waarom het julle ons uit Egipte laat optrek en ons na hierdie ellendige plek toe gebring? Hierdie plek deug nie vir graan of vye, vir wingerde of granate nie, en daar is geen drinkwater nie.”

⁶Moses en Aäron het weggedraai van die volk af, en toe hulle by die ingang van die tent van ontmoeting kom, het hulle op hulle knieë geval terwyl die magtige teenwoordigheid van die Here vir hulle sigbaar word.

⁷Die Here sê toe vir Moses:

⁸“Vat Aäron se kiere en roep jy en jou broer Aäron die volk bymekaar. Julle moet dan in hulle teenwoordigheid met die rots praat, en daar sal water uitkom. Jy moet vir hulle water uit die rots laat kom, sodat die volk en hulle vee kan drink.”

⁹Moses het toe die kiere wat in die tabernakel was, gevat soos die Here hom beveel het

¹⁰en hy en Aäron het die volk by die rots laat bymekaarkom. Moses het vir hulle gesê: “Luister, julle wat julle teen die Here verset! Luister! Moet ons vir julle water uit hierdie rots laat kom? ”

¹¹Toe lig Moses sy hand op en hy slaan die rots twee keer met die kiere. Daar het baie water uitgekom, en die volk en hulle vee het gedrink.

¹²Maar toe sê die Here vir Moses en Aäron: “Omdat julle My nie erken het en My, die Heilige, nie voor die Israeliete gehoorsaam was nie, sal julle hierdie volk nie inlei in die land wat Ek aan hulle gee nie.”

¹³Dit het gebeur by die Meribawaters waar die Israeliete met die Here rusie gemaak het, en waar Hy Hom as die Heilige aan hulle bekend gemaak het.

Edom weier deurtog aan Israel

(Vgl. Deut. 2:1-8)

¹⁴Moses het boodskappers van Kades af na die koning van Edom toe gestuur met die versoek: “So sê u broer Israel: U is bewus van al die probleme waarmee ons te kampe gehad het.

¹⁵Ons voorvaders het na Egipte toe getrek en daar het ons baie lank gebly. Die Egiptenaars het ons voorvaders én vir ons sleg behandel.

¹⁶Ons het na die Here om hulp geroep en Hy het ons gebed verhoor, 'n engel gestuur en ons uit Egipte laat trek. Ons is nou in Kades, 'n stad aan die grens van u gebied.

¹⁷Laat ons toe om deur u land te trek. Ons sal nie deur die lande of die wingerde trek nie en ons sal ook nie water uit die putte drink nie. Ons sal op die Koningspad bly en nie links of regs afdraai totdat ons deur u gebied is nie.”

¹⁸Die koning van Edom het egter geantwoord: “Jy mag nie deur my gebied trek nie, want dan trek ek jou met die swaard tegemoet.”

¹⁹Die Israeliete het weer vir hom laat weet: “Ons sal op die grootpad bly, en as ons, ons en ons vee, van u water drink, sal ons daarvoor betaal. Ons wil net te voet deurtrek, verder niks nie.”

²⁰Die koning van Edom het laat weet: “Jy mag nie deurtrek nie.” Die Edomiete het toe met 'n groot, magtige leër teen die Israeliete opgetrek.

²¹So het Edom geweier om Israel deur sy gebied te laat trek, en Israel moes van Edom af wegdraai.

Die dood van Aäron

²²Die hele volk Israel het van Kades af versit en by Horberg aangekom.

²³By Horberg, vlak by die grens van Edom, het die Here vir Moses en Aäron gesê:

²⁴“Die tyd het gekom dat Aäron moet sterf. Hy sal nie in die land kom wat Ek aan die Israeliete gee nie, omdat julle twee julle verset het teen my bevel by die Meribawaters.

²⁵Vat vir Aäron en sy seun Eleasar saam en gaan na Horberg toe.

²⁶Daar moet jy Aäron se klere uittrek en dit vir sy seun Eleasar aantrek. Aäron sal daar sterwe.”

²⁷Moses het gedoen wat die Here beveel het: voor die oë van die hele volk het hulle Horberg uitgeklim.

²⁸Daar het Moses Aäron se klere uitgetrek en dit vir sy seun Eleasar aangetrek, en Aäron is daar op die top van die berg dood. Daarna het Moses en Eleasar afgekom van die berg af.

²⁹Toe die hele volk Israel verneem dat Aäron dood is, het hulle almal oor hom getreur, dertig dae lank.

Numeri 21

Die Kanaäniete word verslaan

¹Toe die Kanaänitiese koning Arad wat in die Suidland woon, verneem dat Israel in die rigting van Atarim optrek, het hy teen hulle gaan veg en 'n aantal van hulle gevange geneem.

²Israel het 'n gelofte aan die Here gedoen: “As U hierdie volk en hulle stede in ons mag gee, sal ons hulle stede as banoffers aan U offer.”

³Die Here het die gebed verhoor en die Kanaäniete in Israel se mag oorgegee. Hulle het toe die Kanaäniete verslaan en hulle stede heeltemal verwoes. Daarom word die plek Gorma genoem.

Die koperslang

⁴Om by die gebied van Edom verby te kom, het die Israeliete van Horberg af in die rigting van die Rietsee getrek. Op pad daarheen het die volk ongeduldig geword

⁵en teen God en Moses uitgevaar: “Waarom het U ons uit Egipte laat trek net om in die woestyn te sterwe? Hier is nie brood en water nie, en ons is sat vir hierdie slegte kos.”

⁶Die Here het toe giftige slange onder die volk ingestuur. Die slange het die mense gepik en baie Israeliete het gesterf.

⁷Toe kom die volk na Moses toe en bely: “Ons het teen die Here en teen u gesondig met wat ons gesê het. Bid tog tot die Here dat Hy die slange van ons af wegneem.” Moses het toe vir die volk gebid,

⁸en die Here het vir Moses gesê: “Maak 'n beeld van 'n giftige slang en sit dit op 'n paal. Elkeen wat gepik is en daarna opkyk, sal lewe.”

⁹Moses het toe 'n koperslang gemaak en dit op 'n paal gesit. As iemand wat deur 'n slang gepik is, na die koperslang opkyk, het hy bly leef.

Die verdere reis na Moab toe

(Vgl. Deut. 2:8-23)

¹⁰Die Israeliete het weggetrek en by Obot kamp opgeslaan.

¹¹Daarvandaan het hulle versit en kamp opgeslaan by Ije-Abarim in die woestyn regoor Moab, aan die oostekant.

¹²Hulle het daarvandaan weggetrek en kamp opgeslaan in die Seredvallei.

¹³Daarvandaan het hulle weer versit en kamp opgeslaan langs die Arnonrivier wat uit die gebied van die Amoriëte deur die woestyn loop. Die Arnon is die grens tussen Moab en die Amoriëte.

¹⁴Daarom lees ons in die Boek van die Oorloë van die Here: “By Waheb in Sufa en by die spruite, by die Arnon,

¹⁵teen die hange langs die spruite wat strek tot by die gebied van Ar en grens aan die gebied van Moab.”

¹⁶Daarvandaan het Israel verder getrek tot by Beër. Dit is die Beër waar die Here vir Moses gesê het: “Laat die volk bymekaarkom en Ek sal vir hulle water uit die put gee.”

¹⁷Israel het toe hierdie lied gesing: “Put, lewer jou water, en ons sal daarvan sing!

¹⁸Put wat deur leiers gegrawe is, wat deur vernames van die volk oopgemaak is met septer en kiere.” Van die woestyn af is die Israeliete na Mattana toe,

¹⁹van Mattana af na Nagaliël toe, van Nagaliël af na Bamot toe,

²⁰en van Bamot af na die vallei in die gebied van Moab, naby die top van Pisgaberg wat afkyk op die droë wêreld.

Oorwinnings oor Sihon en Og

(Vgl. Deut. 2:24 -- 3:11)

²¹Die Israeliete het boodskappers gestuur na koning Sihon van die Amoriete toe met die versoek:

²²“Laat ons toe om deur u land te trek. Ons sal nie afdraai na die lande of die wingerde toe nie, en ons sal ook nie water uit die putte drink nie. Ons sal net met die Koningspad langs trek totdat ons deur u gebied is.”

²³Sihon wou Israel egter nie toelaat om deur sy gebied te trek nie. Hy het al sy manskappe opgeroep en Israel in die woestyn tegemoet getrek. Toe Sihon by Jahas kom, het hy Israel aangeval.

²⁴Israel het hom egter verslaan en sy land beset van die Arnon af tot by die Jabbok, tot by die Ammoniete, wie se grens goed versterk was.

²⁵Die Israeliete het al die stede van die Amoriete verower en daarin gaan woon, ook in Gesbon en al sy buitedorpe.

²⁶Gesbon was die stad van koning Sihon van die Amoriete. Sihon het teen 'n vorige koning van Moab oorlog gemaak en sy hele gebied tot aan die Arnon van hom afgevat.

²⁷Daarom sê die digters: “Kom na Gesbon toe, bou dit weer op, herstel die stad van Sihon.

²⁸Daar het 'n vuur uit Gesbon uit gegaan, 'n vlam uit die stad van Sihon, en dit het Ar-Moab verteer wat die Arnonhoogtes beheer.

²⁹Dis klaar met jou, Moab, jy gaan tot niet, volk van Kemos! Hy moes sy seuns as vlugteling prysgee, sy dogters as gevangenes aan koning Sihon van die Amoriëte!

³⁰Maar nou het ons op hulle losgetrek: Gesbon se gebied is verwoes tot by Dibon, ons het hulle uitgeroei tot by Nofag, tot by Medeba.”

³¹So het Israel dan in die land van die Amoriëte gaan woon.

³²Moses het manne gestuur om Jaser te gaan verken. Hulle het Jaser en sy buitedorpe ingeneem en die Amoritiese inwoners verdryf.

³³Hulle het toe weggedraai en in die rigting van Basan getrek. Koning Og van Basan het hulle tegemoet getrek met sy hele leërmag en hulle by Edrei aangeval.

³⁴Die Here het vir Moses gesê: “Moenie vir hom bang wees nie. Ek gee hom met sy hele leer en sy land in jou mag oor. Doen met hom soos jy gedoen het met koning Sihon van die Amoriëte wat in Gesbon gewoon het.”

³⁵Die Israëliëte het vir Og saam met sy seuns en sy hele leer verslaan. Nie een van sy mense het oorgebly nie. Die Israëliëte het ook sy land in besit geneem.

Numeri 22

Balak roep Bileam se hulp in

¹Daarna het die Israëliëte verder getrek en kamp opgeslaan in die Moabsvlakte teenoor Jerigo, oos van die Jordaan.

²Balak seun van Sippor het gehoor van alles wat Israel aan die Amoriëte gedoen het.

³Die Moabiëte het baie groot geskrik vir die Israëliëte, want hulle was baie. Die Moabiëte het bang geword vir die Israëliëte

⁴en het vir die leiers van Midian gesê: “Hierdie horde gaan alles rondom ons opvreet soos beeste die gras in die veld opvreet.” Balak seun van Sippor was destyds koning van Moab

⁵en hy het boodskappers gestuur om vir Bileam seun van Beor te laat haal. Hy was in Petor aan die Eufraat in die land Ammau. Balak het hom laat weet: “'n Volk wat uit Egipte kom, het hier by my kom intrek. Die aarde is tóé onder hulle.

⁶Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my, want hulle is te sterk vir my. Miskien sal ek hulle dan kan verslaan en uit die land verdryf. Ek weet: wie jy seën, is geseën, en wie jy vervloek, is vervloek.”

⁷Die leiers van Moab en Midian het die beloning wat aan 'n waarsêer betaal moet word, saamgevat na Bileam toe en Balak se versoek aan hom oorgedra.

⁸Bileam sê toe vir hulle: “Bly vannag oor, dan sê ek môre vir julle wat die Here vir my sal sê.” Die amptenare van Moab het toe by Bileam oornag.

⁹God het aan Bileam verskyn en gevra: “Wie is die manne hier by jou? ”

¹⁰en hy het geantwoord: “Koning Balak van Moab, seun van Sippor, het hulle na my toe gestuur met die boodskap:

¹¹Hier is 'n volk wat uit Egipte getrek het, en die aarde is tóé onder hulle. Kom asseblief en vervloek hulle vir my. Miskien sal ek dan teen hulle kan veg en hulle verdryf! ”

¹²Maar God het vir Bileam gesê: “Moenie met hulle saamgaan nie. Jy mag dié volk nie vervloek nie, want hulle is geseën.”

¹³Die volgende môre het Bileam vir die amptenare van Balak gesê: “Gaan terug na julle land toe, want die Here wil nie hê ek moet saam met julle gaan nie.”

¹⁴Die amptenare van Moab is toe terug na Balak toe en het vir hom gesê: “Bileam weier om met ons saam te kom.”

¹⁵Balak het toe ander amptenare gestuur, méér en hoër in rang as die voriges.

¹⁶Hulle het by Bileam gekom en vir hom gesê: “Balak seun van Sippor sê: Moenie dat iets jou keer om na my toe te kom nie.

¹⁷Ek sal jou baie goed beloon en alles doen wat jy vir my sê. Kom asseblief en vervloek hierdie volk vir my.”

¹⁸Maar Bileam het vir die amptenare van Balak gesê: “Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol silwer en goud, mag ek niks doen, klein of groot, teen die opdrag van die Here my God in nie.

¹⁹Maar bly julle ook 'n nag oor dat ek kan uitvind of die Here weer met my wil praat.”

²⁰Daardie nag verskyn God toe aan Bileam en sê vir hom: “Die manne het nou gekom om jou te kom haal. Gaan saam met hulle, maar jy mag net doen wat Ek vir jou sê.”

²¹Bileam het toe die oggend sy donkie opgesaal en met die amptenare van Moab saamgegaan.

Die Engel van die Here

²²God het kwaad geword toe Bileam gaan, en die Engel van die Here het vir Bileam in die pad voorgestaan om hom te keer. Bileam het op sy donkie gery, en twee van sy amptenare was by hom.

²³Toe die donkie die Engel van die Here in die pad sien staan met 'n ontblote swaard in die hand, het die donkie uit die pad gedraai en die veld in geloop. Toe Bileam die donkie slaan om hom in die pad terug te bring,

²⁴gaan staan die Engel van die Here in 'n smal pad tussen die wingerde, met 'n muur aan weerskante.

²⁵Toe die donkie die Engel van die Here gewaar, skuur die donkie teen die muur langs en druk Bileam se voet daarteen vas. Bileam slaan hom toe weer.

²⁶Toe gaan die Engel van die Here verder en gaan staan in 'n nou plek waar daar nie kans was om na enige kant toe uit te draai nie.

²⁷Die donkie het die Engel van die Here gesien en het onder Bileam gaan lê. Bileam het so kwaad geword dat hy die donkie met 'n stok geslaan het.

²⁸Toe laat die Here die donkie praat, en die donkie sê vir Bileam: “Wat het ek jou aangedoen dat jy my nou al drie keer geslaan het? ”

²⁹Bileam antwoord toe: “Jy hou my vir die gek. As ek 'n swaard by my gehad het, het ek jou doodgemaak.”

³⁰Toe sê die donkie vir Bileam: “Is ek nie die donkie waarop jy nog altyd gery het nie? Maak ek altyd so met jou? ” en Bileam antwoord: “Nee! ”

³¹Die Here het Bileam se oë oopgemaak en hy het die Engel van die Here in die pad sien staan met 'n ontblote swaard in die hand. Toe buig Bileam voor die Engel.

³²Die Engel van die Here vra hom toe: “Waarom het jy jou donkie nou al drie keer geslaan? Ek het jou kom voorstaan, want Ek sien jy is op 'n gevaarlike pad.

³³Die donkie het My gesien en drie keer vir My uitgedraai. As hy dit nie gedoen het nie, het Ek jou al doodgemaak en hom laat leef.”

³⁴Bileam sê toe vir die Engel van die Here: “Ek was verkeerd, ek het nie geweet dat U my in die pad voorstaan nie. As U nie wil hê ek moet voortgaan nie, draai ek om.”

³⁵Toe sê die Engel van die Here vir Bileam: “Gaan saam met die manne, maar jy moet net sê wat Ek vir jou sê.” Bileam is toe saam met Balak se amptenare.

Bileam kom by Balak aan

³⁶Toe Balak hoor dat Bileam aan die kom is, het hy hom tegemoet gegaan by Ar-Moab aan die oewer van die Arnon, op die grens.

³⁷Balak vra toe vir Bileam: “Ek het jou dringend laat roep, en waarom het jy toe nie na my toe gekom nie? Dink jy ek kan jou nie goed betaal nie? ”

³⁸Bileam het vir Balak geantwoord: “Ek het mos nou gekom. Maar laat ek net dit sê: Ek kan net sê wat God vir my voorsê.”

³⁹Bileam is toe saam met Balak, en hulle het by Kirjat-Gusot aangekom.

⁴⁰Balak het beeste en skape geslag en dit vir Bileam en die amptenare wat saam met hom was, laat bring.

⁴¹Die volgende môre het Balak vir Bileam teen Bamot-Baäl laat uitklim. Daarvandaan kon Bileam die volk Israel van die kant af sien.

Numeri 23

Bileam se eerste uitspraak

¹Bileam het vir Balak gesê: “Bou hier vir my sewe altare en maak sewe bulle en sewe ramme gereed vir offers.”

²Balak het gedoen wat Bileam gesê het, en hy en Bileam het toe op elkeen van die altare 'n bul en 'n ram geoffer.

³Daarna sê Bileam vir Balak: “Bly jy hier by jou brandoffer terwyl ek eenkant toe gaan. Miskien sal die Here Hom aan my openbaar, en wat Hy ook al aan my bekend maak, sal ek vir jou sê.” Bileam het na 'n kaal hoogte toe gestap,

⁴en daar het God Hom aan Bileam geopenbaar. Bileam het toe gesê: “Ek het sewe altare laat bou en op elke altaar 'n bul en 'n ram geoffer.”

⁵Die Here het vir Bileam gesê wat hy moet sê en hom beveel: “Gaan na Balak toe terug en sê dit vir hom.”

⁶Bileam het by Balak gekom waar hy en al die amptenare van Moab by die brandoffer staan.

⁷Toe kom Bileam met hierdie uitspraak: “Uit Aram het Balak my laat kom, die koning van Moab het my laat kom uit die berge in die ooste. ‘Kom,’ het hy gesê, ‘vervloek Jakob vir my; kom, kondig 'n ramp aan oor Israel.’

⁸Maar hoe kan ek hóm vervloek vir wie God nie vervloek nie, hoe kan ek 'n ramp oor hóm aankondig as die Here dit nie aangekondig het nie?

⁹“Hier van die hoë rotse af sien ek vir Israel, van die hoogtes af kyk ek na hom! Ek sien 'n volk wat op sy eie woon en hom van die nasies afsonder.

¹⁰Wie kan die stof tel, wie vir Jakob, wie kan selfs een kwart van Israel se getal bereken? Mag ek ook eendag as opregte sterwe, mag my einde soos hierdie volk s'n wees.”

¹¹Toe sê Balak vir Bileam: “Wat het jy my nou aangedoen? Ek laat jou kom om my vyande te vervloek, en jy kom seën hulle! ”

¹²Bileam het geantwoord: “Ek moes tog presies kom sê wat die Here my voorgesê het.”

Bileam se tweede uitspraak

¹³Toe sê Balak vir Bileam: “Kom saam met my na 'n ander plek toe. Van daar af sal jy net 'n deel van hulle kan sien, nie almal nie. Vervloek hulle vir my van daar af! ”

¹⁴Balak vat hom toe na 'n uitkykpos op die top van Pisgaberg. Daar bou hy sewe altare en offer op elke altaar 'n bul en 'n ram.

¹⁵Daarna sê Bileam vir Balak: “Bly jy hier by jou brandoffer, terwyl ek eenkant toe gaan om van God 'n openbaring te vra.”

¹⁶Die Here het Hom aan Bileam geopenbaar, hom gesê wat om te sê en hom beveel: “Gaan na Balak toe terug en sê dit vir hom.”

¹⁷Bileam het toe by Balak gekom waar hy en die amptenare van Moab by die brandoffer staan. Balak vra hom toe: “Wat het die Here gesê? ”

¹⁸Toe kom Bileam met hierdie uitspraak: “Kom luister, Balak, hoor wat ek sê, seun van Sippor.

¹⁹God is nie 'n mens dat Hy sou lieg nie, 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?

²⁰Ek het die opdrag om te seën: Hý het geseën, en ék kan niks daaraan verander nie.

²¹Jy sal nie vind dat 'n ramp vir Jakob tref nie, jy sal Israel nie sien swaarkry nie: die Here hulle God is by hulle; oor Hom, hulle koning, jubel hulle.

²²God het hulle uit Egipte laat trek, sy krag is vir hulle soos die horings van 'n buffel.

²³Geen toordery rig iets uit teen Jakob nie, geen waarsêery iets teen Israel nie. Nou word daar oor Jakob, oor Israel gesê: 'Wat het God nie alles gedoen nie!'

²⁴Dit is 'n volk wat soos 'n leeumannetjie opstaan, wat hom uitrek soos 'n leeu, en nie weer gaan lê voordat hy sy prooi verskeur het en sy slagoffers se bloed gedrink het nie."

²⁵Toe sê Balak vir Bileam: "As jy hulle nie kan vervloek nie, moet jy hulle ook nie seën nie! "

²⁶Bileam het geantwoord: "Ek het jou mos gesê ek sal net doen wat die Here vir my sê."

Bileam se derde uitspraak

²⁷Toe sê Balak vir Bileam: "Kom ek vat jou na 'n ander plek toe. Miskien vind God dit tog goed dat jy die volk daarvandaan vir my vervloek."

²⁸Balak vat toe vir Bileam na die top van Peor toe wat afkyk op die droë wêreld.

²⁹Bileam het vir hom gesê: "Bou hier vir my sewe altare en maak vir my sewe bulle en sewe ramme gereed vir offers."

³⁰Balak het gedoen wat Bileam gesê het en op elke altaar 'n bul en 'n ram geoffer.

Numeri 24

¹Bileam het nou al geweet dat die Here vir Israel wil seën, en daarom het hy nie soos die vorige kere 'n voorteken gaan soek nie. Hy het na die woestyn toe gedraai

²en toe hy opkyk en die stamme van Israel langs mekaar sien woon, het die Gees van God oor hom gekom,

³en toe kom Bileam met hierdie uitspraak: "Die openbaring aan Bileam seun van Beor, die openbaring aan 'n man wie se oë geopen is,

⁴die openbaring aan een wat die woorde van God hoor, wat sien wat die Almagtige hom laat sien, wat in gebed neerval, en sy oë word geopen:

⁵Hoe mooi is jou tente, Jakob, jou wonings, Israel!

⁶Hulle lyk soos uitgestrekte valleie, soos tuine aan 'n rivier, soos aalwyne wat deur die Here geplant is, soos sederbome by die water.

⁷Israel se waterkruike loop oor, hy saai waar oorvloed water is. Sy koning is sterker as Agag en sy koninkryk groei steeds.

⁸God het hulle uit Egipte laat trek, sy krag is vir hulle soos die horings van 'n buffel. Israel vernietig die nasies wat hom teëstaan, hy breek hulle bene stukkend, hy deurboor hulle met pyle.

⁹Hy buig sy knieë en gaan lê soos 'n leeu, soos 'n leeumannetjie; wie sal hom opjaag? Geseën is hulle wat jou seën, vervloek is hulle wat jou vervloek.”

¹⁰Balak was toe baie kwaad vir Bileam. Hy het sy hande afwerend voor hom gehou en vir Bileam gesê: “Ek het jou laat kom om my vyande te vervloek, en jy het hulle nou al drie keer geseën.

¹¹Maak dat jy wegkom na jou eie plek toe. Ek het belowe om jou goed te betaal, maar die Here het gekeer dat jy betaal word.”

¹²Bileam sê toe vir Balak: “Ek het mos al vir die boodskappers wat jy na my toe gestuur het, gesê:

¹³“Selfs al gee Balak vir my sy paleis vol silwer of goud, mag ek niks doen, goed of kwaad, teen die opdrag van die Here in nie. Ek kan net sê wat die Here vir my voorsê.”

¹⁴Ek gaan terug na my mense toe, maar ek wil eers vir jou sê wat hierdie volk in die toekoms aan jou volk sal doen.”

Bileam se vierde uitspraak

¹⁵Bileam het toe met hierdie uitspraak gekom: “Die openbaring aan Bileam seun van Beor, die openbaring aan 'n man wie se oë geopen is,

¹⁶die openbaring aan een wat die woorde van God hoor, wat sy kennis ontvang het van die Allerhoogste, wat in gebed neerval, en sy oë word geopen:

¹⁷Ek sien hom, maar hy kom nie nou al nie, ek kyk na hom, maar hy is nie naby nie, daar kom 'n ster uit Jakob, daar staan 'n heerser in Israel op. Hy verpletter die voorkop van Moab, hy vernietig al die opstandiges.

¹⁸Edom sal verower word, Seïr, die vyand van Israel, sal ingeneem word, maar Israel sal al sterker word.

¹⁹Een uit Jakob sal heers en hy sal dié vernietig wat uit Edom se hoofstad wegvlug.”

Ander uitsprake van Bileam

²⁰Bileam het ook vir Amalek gesien en met hierdie uitspraak gekom: “Amalek is die eerste onder die nasies, maar ondergang wag hom in.”

²¹Bileam het ook die Keniete gesien en met hierdie uitspraak gekom: “Jou woonplek is stewig, jou nes is op 'n rots gebou,

²²maar tog sal Kain uitgewis word, die Assiriërs sal jou as gevangene wegvoer.”

²³Bileam het ook met hierdie uitspraak gekom: “Wie kan in die lewe bly as God dit nie so bepaal nie?

²⁴Daar kom skepe van die Kittiers se kuste af, hulle verslaan die Assiriërs en die Hebreërs, maar hulle sal self ook vernietig word.”

²⁵Daarna het Bileam huis toe teruggegaan, en ook Balak het sy koers gekry.

Numeri 25

Afgodsdienste by Sittim

¹Terwyl Israel in Sittim was, het van die Israelitiese mans met Moabitiese vrouens gemeenskap gehad.

²Dit het gebeur toe die mans deur die Moabitiese vrouens uitgenooi is na die offers ter ere van hulle gode. Die mans het aan die offermaaltye deelgeneem en die gode van die vrouens aanbid.

³So het die Israeliete vir Baäl-Peor aangehang. Die toorn van die Here het teen Israel ontvlam

⁴en Hy het vir Moses gesê: “Vat hierdie manne se leiers en hang hulle in die openbaar voor die heiligdom op. Dan sal my toorn nie langer teen Israel woed nie.”

⁵Moses het toe vir die stamhoofde van Israel gesê: “Julle moet elkeen julle eie manne wat vir Baäl-Peor aangehang het, doodmaak.”

⁶Onder dit alles het 'n Israelitiese man tog nog 'n Midianitiese vrou tussen sy familie in gebring. Hy het dit gedoen voor die oë van Moses en die hele gemeente van Israel wat by die ingang van die tent van ontmoeting gestaan en huil het.

⁷Toe Pinehas seun van Eleasar, seun van die priester Aäron, sien wat die man doen, het hy uit die gemeente opgestaan, 'n spies gevat

⁸en die man na die vrouetent toe gevolg. Daar het hy die spies deur albei gesteeke, deur die man tot in die onderlyf van die vrou. Daarmee het die ramp onder die Israeliete tot 'n einde gekom;

⁹daar het vier en twintig duisend deur die ramp gesterf.

¹⁰Die Here het toe vir Moses gesê:

¹¹“Pinehas seun van Eleasar, seun van die priester Aäron, het my toorn teen Israel laat ophou deurdat hy vir my eer opgekom het. Dit was nie nodig dat Ek self vir my eer moes opkom en die Israeliete vernietig nie.

¹²“Daarom moet jy vir Pinehas sê dat Ek 'n verbond met hom sluit wat hom vir altyd ten goede sal kom.

¹³Hierdie verbond verseker vir hom en vir sy nageslag 'n blywende priesterskap omdat hy vir die eer van sy God opgekom het en vir die Israeliete versoening gedoen het.”

¹⁴Die Israelitiese man wat saam met die Midianitiese vrou doodgemaak is, was Simri seun van Salu, 'n vooraanstaande man uit die stam Simeon.

¹⁵Die Midianitiese vrou wat doodgemaak is, was Kosbi dogter van Sur, 'n stamhoof van Midian.

¹⁶Die Here het vir Moses gesê:

¹⁷“Julle moet die Midianiete as julle vyande beskou en hulle doodmaak

¹⁸omdat hulle vyandig opgetree het teen julle. Hulle het julle verlei deur julle in die strik te laat trap van Baäl-Peor en van hulle landgenoot Kosbi, 'n Midianitiese stamhoof se dogter wat doodgemaak is toe die ramp julle oor Peor getref het.”

Numeri 26

Tweede sensusopname

¹Ná die ramp het die Here vir Moses en vir Eleasar seun van die priester Aäron gesê:

²“Neem 'n sensus op van die hele volk Israel, van elke Israeliet van twintig jaar en ouer wat vir militêre diens geskik is. Julle moet dit familiegewys doen.”

³Moses en die priester Eleasar het toe in die Moabsvlakte regoor Jerigo aan die Jordaan die opname gemaak

⁴van almal van twintig jaar en ouer soos die Here vir Moses beveel het. Hier volg die opgawe van die Israelitiese families wat uit Egipte gekom het:

⁵Ruben, oudste seun van Israel: die Rubenfamilies was dié van Ganok,

⁶Gesron en Karmi.

⁷Die Rubenfamilies was altesaam 43.730 man.

⁸Pallu se seun was Eliab,

⁹en sy seuns was Nemuel, Datan en Abiram. Dit was dié Datan en Abiram wat as leiers deur die vergadering verkies was, maar teen Moses en Aäron in opstand gekom het toe die bende van Korag teen die Here in opstand gekom het.

- ¹⁰Die grond het oopgeskeur en hulle ingesluk saam met Korag wie se bende omgekom het toe die vuur twee honderd en vyftig man verteer het. Dit was 'n waarskuwing vir Israel.
- ¹¹Die seuns van Korag het egter nie gesterf nie.
- ¹²Die Simeonfamilies was dié van Jemuel, Jamin, Jakin,
- ¹³Serag en Saul.
- ¹⁴Die Simeonfamilies was altesaam 22.200 man.
- ¹⁵Die Gadfamilies was dié van Sifjon, Gaggi, Suni,
- ¹⁶Osni, Eri,
- ¹⁷Arod en Areli.
- ¹⁸Die Gadfamilies was altesaam 40.500 man.
- ¹⁹Er en Onan was seuns van Juda, maar hulle is vroeër al in Kanaän oorlede.
- ²⁰Die Judafamilies was dié van Sela, Peres en Serag.
- ²¹Die Peresfamilies was dié van Gesron en Gamul.
- ²²Die Judafamilies was altesaam 76.500 man.
- ²³Die Issaskarfamilies was dié van Tola, Puwwa,
- ²⁴Jasub en Simron.
- ²⁵Die Issaskarfamilies was altesaam 64.300 man.
- ²⁶Die Sebulonfamilies was dié van Sered, Elon en Jagleël.
- ²⁷Die Sebulonfamilies was altesaam 60.500 man.
- ²⁸Die Joseffamilies was dié van Manasse en Efraim.
- ²⁹Makir, voorvader van Gilead, was uit die Manassefamilie.
- ³⁰Die Gileadfamilie was dié van Iëser, Gelek,
- ³¹Asriël, Sekem,
- ³²Semida, Gefer

³³en Selofgad. Selofgad seun van Gefer het nie seuns gehad nie, net dogters. Sy dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

³⁴Die Manassefamilies was altesaam 52.700 man.

³⁵Die Efraimfamilies was dié van Sutelag, Beker en Tagan.

³⁶Eran was uit die Sutelagfamilie.

³⁷Die Efraimfamilies was altesaam 32.500 man. Dit was al die Joseffamilies.

³⁸Die Benjaminfamilies was dié van Bela, Asbel, Agiram,

³⁹Sefufam en Gufam.

⁴⁰Die Belafamilies was dié van Ard en Naäman.

⁴¹Die Benjaminfamilies was altesaam 45.600 man.

⁴²Die Danfamilie was dié van Sugam en sy nageslag. Dit was die enigste Danfamilie.

⁴³Die Sugamfamilie was altesaam 64.400 man.

⁴⁴Die Aserfamilies was dié van Jimna, Jiswi en Beria.

⁴⁵Die Beriafamilies was dié van Geber en Malkiël.

⁴⁶Aser het ook 'n dogter gehad, Serag.

⁴⁷Die Aserfamilies was altesaam 53.400 man.

⁴⁸Die Naftalifamilies was dié van Jagseël, Guni,

⁴⁹Jeser en Sillem.

⁵⁰Die Naftalifamilies was altesaam 45.400 man.

⁵¹Die Israeliete was altesaam 601.730 man.

⁵²Daarna het die Here vir Moses gesê:

⁵³“Verdeel nou die land tussen die families en gee aan elkeen 'n eiendom volgens sy grootte:

⁵⁴aan 'n groot familie 'n groot eiendom en aan 'n klein familie 'n kleiner eiendom. Elkeen moet sy eiendom ontvang ooreenkomstig sy getal.

⁵⁵Die land moet verdeel word deur te loot. Elke stam moet 'n eiendom ontvang.

⁵⁶Bepaal vir elkeen sy eiendom deur loting tussen die groter en die kleiner stamme.”

⁵⁷Die Levifamilies wat getel is, was dié van Gerson, Kehat en Merari

⁵⁸en ook dié van Libni, Hebron, Magli, Musi en Korag. Kehat was die voorvader van Amram,

⁵⁹en Amram se vrou was Jogebed, ook uit die nageslag van Levi. Sy is in Egipte gebore en haar en Amram se kinders was Aäron en Moses en hulle suster Mirjam.

⁶⁰Aäron was die vader van Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

⁶¹Nadab en Abihu is dood toe hulle ongeoorloofde vuur na die altaar toe gebring het.

⁶²Die Leviëte van 'n maand en ouer was altesaam 23.000 man. Hulle is nie saam met die ander Israëliëte getel nie, want hulle het nie self eiendom onder die Israëliëte gekry nie.

⁶³Al hierdie mense is getel deur Moses en die priester Eleasar in die Moabsvlakte regoor Jerigo aan die Jordaan.

⁶⁴Onder hulle was daar egter niemand van die Israëliëte wat deur Moses en die priester Aäron in die Sinaiwoestyn getel is nie.

⁶⁵Die Here het destyds vir daardie Israëliëte gesê dat hulle beslis in die woestyn sou sterf. Nie een van hulle het toe oorgebly nie, behalwe Kaleb seun van Jefunne, en Josua seun van Nun.

Numeri 27

Die dogters van Selofgad

¹Die dogters van Selofgad het na Moses toe gekom. Hulle het aan die Manassestam behoort. Selofgad was 'n seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, seun van Josef. Die dogters was Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

²Hulle het voor Moses en die priester Eleasar en voor die leiers en die hele gemeente by die ingang van die tent van ontmoeting gaan staan en gesê:

³“Ons pa is in die woestyn dood. Hy was nie een van Korag se bende wat teen die Here saamgesweer het nie. Hy het deur sy eie sondes gesterf en geen seuns gehad nie.

⁴Waarom moet ons pa se naam uit sy familie verdwyn net omdat hy nie 'n seun gehad het nie? Gee vir ons grond tussen dié van sy familie.”

⁵Moses het hulle saak voor die Here gebring,

⁶en die Here het vir hom gesê:

⁷“Selofgad se dogters het gelyk. Jy moet beslis vir hulle hulle eie grond tussen dié van hulle pa se familie gee. Gee vir hulle die grond wat hulle pa sou gekry het.

⁸“Sê vir die Israeliete: As iemand sterf en hy het nie 'n seun nie, moet julle sy grond aan sy dogter gee.

⁹As hy ook nie 'n dogter het nie, gee sy grond vir sy broers.

¹⁰As hy nie broers het nie, gee dit vir sy ooms aan vaderskant.

¹¹En as sy pa nie broers gehad het nie, moet julle sy grond vir die naaste bloedverwant uit sy familie gee, dat dié dit kan besit.” Dit moet vir die Israeliete 'n bindende voorskrif bly soos die Here vir Moses beveel het.

Josua aangewys as Moses se opvolger

¹²Die Here het vir Moses gesê: “Klim teen Abarimberg uit en bekijk die land wat Ek aan die Israeliete gee.

¹³Nadat jy dit bekijk het, sal jy sterwe net soos jou broer Aäron,

¹⁴want toe die volk by Meriba in die Sinwoestyn teen My in opstand gekom het, het julle julle teen my bevel verset en My, die Heilige, nie voor die volk gehoorsaam nie.” Dit het gebeur by die Meribawaters by Kades in die Sinwoestyn.

¹⁵Moses sê toe vir die Here:

¹⁶“Dan moet U, Here, God wat aan alle mense die lewe gee, iemand oor hierdie volk aanstel

¹⁷wat vir hulle 'n leier en aanvoerder kan wees sodat die volk van die Here nie soos skape sonder wagter sal wees nie.”

¹⁸Toe sê die Here vir Moses: “Neem vir Josua seun van Nun, 'n man op wie my Gees is, en lê hom die hande op.

¹⁹Laat hom voor die priester Eleasar en voor die hele volk staan en sê vir hom in hulle teenwoordigheid wat sy taak is.

²⁰Dra van jou gesag aan hom oor sodat die hele volk Israel hom kan gehoorsaam.

²¹Maar hy moet altyd die priester Eleasar raadpleeg dat dié vir hom met die urim die beslissing van die Here vra. Alleen op Eleasar se bevel sal Josua en die hele volk Israel vir oorlog optrek en van die oorlog af terugkom.”

²²Moses het gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het Josua voor die priester en die hele volk laat staan,

²³hom die hande opgelê en vir hom gesê wat sy taak is soos die Here deur Moses beveel het.

Numeri 28

Offers

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Beveel die Israeliete om op die bestemde tyd die offer te bring wat My toekom, die voedsel vir my vuuroffers wat deur My aanvaar word.”

Daaglikse offers

³“Sê vir hulle: Julle moet die volgende vuuroffer vir die Here bring: twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek as gereelde brandoffers vir elke dag.

⁴Offer een lam in die môre en een teen die aand

⁵saam met een en 'n half kilogram meel as graanoffer, gemeng met 'n liter suiwer olie.

⁶Dit is die gereelde brandoffer wat al by Sinaiberg gebring is, 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.

⁷Wanneer julle die eerste lam offer, moet julle 'n liter wyn as drankoffer vir die Here by die heiligdom uitgiet.

⁸Julle moet die tweede lam teen die aand offer, met dieselfde hoeveelheid meel, olie en wyn daarby as in die oggend. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.”

Offers op die sabbat

⁹“Op die sabbat moet julle twee jaaroud lammers sonder liggaamsgebrek offer, met daarby drie kilogram meel wat met olie gemeng is as graanoffer en met 'n drankoffer daarby.

¹⁰Dit is die brandoffer vir elke sabbat afgesien van die gereelde brandoffer en die drankoffer daarby.”

Maandelikse offers

¹¹“Op die eerste dag van elke maand moet julle vir die Here as brandoffer bring twee jong bulle, een ram en sewe jaaroud lammers, almal sonder liggaamsgebrek.

¹²Saam met elke bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met elke ram drie kilogram,

¹³en saam met elke lam een en 'n half kilogram. Dit is die brandoffer, die vuuroffer, wat deur die Here aanvaar word.

¹⁴Die drankoffer saam met elke bul is twee liter wyn, saam met elke ram een en 'n derde liter en saam met elke lam een liter. Dit is die brandoffer wat deur die jaar elke maand gebring moet word.

¹⁵Afgesien van die gereelde brandoffer met die drankoffer daarby, moet 'n bokram as sondeoffer vir My gebring word.”

Offers by die paasfees

¹⁶“Die paasfees moet op die veertiende van die eerste maand tot eer van die Here gevier word.

¹⁷Op die vyftiende van dié maand moet daar 'n fees wees. Julle moet sewe dae lank net ongesuurde brood eet.

¹⁸Op die eerste van die sewe dae moet daar 'n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie.

¹⁹Julle moet vir die Here 'n vuuroffer, 'n brandoffer bring van twee jong bulle, 'n ram en sewe jaaroud lammers, almal sonder liggaamsgebrek.

²⁰Saam met elke bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met die ram drie kilogram,

²¹en saam met elk van die sewe lammers een en 'n half kilogram.

²²Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring om vir julle versoening te doen.

²³Julle moet hierdie offers bring afgesien van die gereelde brandoffers in die môre.

²⁴So moet julle sewe dae lank elke dag 'n voedseloffer, 'n vuuroffer, bring wat deur die Here aanvaar word. Dié offers moet gebring word afgesien van die gereelde brandoffer met die drankoffer daarby.

²⁵Ook op die sewende dag moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie.”

Offers by die fees van die weke

²⁶“Sewe weke na paasfees wanneer julle die fees van die weke tot eer van die Here begin vier en die graanoffer uit die nuwe oes bring, moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees, dan mag julle geen gewone werk doen nie.

²⁷Julle moet vir die Here as brandoffer wat deur Hom aanvaar word, twee jong bulle, 'n ram en sewe jaaroud lammers bring.

²⁸Saam met elke bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met die ram drie kilogram,

²⁹en saam met elk van die sewe lammers een en 'n half kilogram.

³⁰Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring om vir julle versoening te doen.

³¹Julle moet hierdie offers bring met die drankoffers daarby, afgesien van die gereelde brandoffer en die graanoffer daarby. Julle moet sorg dat die offerdiere sonder liggaamsgebrek is.”

Numeri 29

Offers by die nuwejaarsfees

¹“Op die eerste van die sewende maand moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees; dan mag julle geen gewone werk doen nie. Dit is 'n dag vol feesvreugde vir julle.

²Julle moet as brandoffer, wat deur die Here aanvaar word, 'n jong bul, 'n ram en sewe jaaroud lammers bring, almal sonder liggaamsgebrek.

³Saam met die bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met die ram drie kilogram,

⁴en saam met elk van die sewe lammers een en 'n half kilogram.

⁵Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring om vir julle versoening te doen.

⁶Julle moet hierdie offers bring afgesien van die maandelikse en die gereelde brandoffer met die graanoffer en die drankoffers daarby. Dit is 'n vuuroffer wat deur die Here aanvaar word.”

Offers op die groot versoendag

⁷“Op die tiende van die sewende maand moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees; dan moet julle julle verootmoedig en mag julle geen werk doen nie.

⁸Julle moet as 'n brandoffer wat deur die Here aanvaar word, 'n jong bul, 'n ram en sewe jaaroud lammers bring, almal sonder liggaamsgebrek.

⁹Saam met die bul moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met die ram drie kilogram,

¹⁰en saam met elk van die sewe lammers een en 'n half kilogram.

¹¹Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die sondeoffer vir julle versoening en die gereelde brandoffer met die graanoffer en die drankoffers daarby.”

Offers by die huttefees

¹²“Op die vyftiende van die sewende maand moet daar vir julle 'n gewyde byeenkoms wees; dan mag julle geen gewone werk doen nie. Sewe dae lank moet julle die huttefees vier tot eer van die Here.

¹³Julle moet as brandoffer, as vuuroffer wat deur die Here aanvaar word, dertien jong bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers bring, almal sonder liggaamsgebrek.

¹⁴Saam met elk van die dertien bulle moet julle 'n graanoffer bring van vyf kilogram meel gemeng met olie, saam met elk van die twee ramme drie kilogram,

¹⁵en saam met elk van die veertien lammers een en 'n half kilogram.

¹⁶Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

¹⁷“Op die tweede dag van die fees moet julle twaalf jong bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

¹⁸en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

¹⁹Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graanoffer en die drankoffers daarby.

²⁰“Op die derde dag moet julle elf bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

²¹en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

²²Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring, afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

²³“Op die vierde dag moet julle tien bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

²⁴en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

²⁵Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

²⁶“Op die vyfde dag moet julle nege bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

²⁷en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

²⁸Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

²⁹“Op die sesde dag moet julle ag bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

³⁰en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

³¹Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graanoffer en die drankoffers daarby.

³²“Op die sewende dag moet julle sewe bulle, twee ramme en veertien jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

³³en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

³⁴Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

³⁵“Die agste dag moet julle ook as 'n feesdag deurbring; dan mag julle geen gewone werk doen nie.

³⁶Julle moet as brandoffer wat deur die Here aanvaar word, 'n bul, 'n ram en sewe jaaroud lammers offer, almal sonder liggaamsgebrek,

³⁷en daarmee saam die hoeveelheid graan- en drankoffers soos dit bepaal is.

³⁸Julle moet ook nog 'n bokram as sondeoffer bring afgesien van die gereelde brandoffer met die graan- en die drankoffer daarby.

³⁹“Dit is dan die brandoffers, die graanoffers, die drankoffers en die maaltydoffers wat julle in julle feestye vir die Here moet bring, julle gelofteoffers en vrywillige offers.”

⁴⁰Dit alles het Moses vir die Israeliete gesê soos die Here hom dit beveel het.

Numeri 30

Voorskrifte oor geloftes

¹Moses het vir die leiers van die Israelitiese stamme gesê: “Dit is wat die Here beveel het:

²As iemand aan die Here 'n gelofte doen of met 'n eed 'n verpligting op hom neem, mag hy sy woord nie breek nie; hy moet hom aan alles hou wat hy beloof het.

³“As 'n jong vrou wat nog in haar ouerhuis is, 'n gelofte aan die Here doen of 'n verpligting op haar neem,

⁴en haar pa hoor van die gelofte of die verpligting en hy maak nie daarteen beswaar nie, bly al die geloftes of die verpligtinge wat sy op haar geneem het, van krag.

⁵Maar as haar pa dit afkeur wanneer hy daarvan hoor, is die geloftes of die verpligtinge wat sy op haar geneem het, nie van krag nie. Die Here sal dit nie teen haar hou nie omdat haar pa dit afgekeur het.

⁶“As 'n vrou trou nadat sy aan die Here geloftes gedoen het, of onnadenkend 'n verpligting op haar geneem het,

⁷en haar man hoor daarvan en maak die dag waarop hy daarvan hoor, geen beswaar nie, bly die geloftes of al die verpligtinge wat sy op haar geneem het, van krag.

⁸Maar as haar man dit afkeur wanneer hy daarvan hoor, verklaar hy die gelofte of die verpligtinge wat sy onnadenkend op haar geneem het, nietig, en sal die Here dit nie teen haar hou nie.

⁹“Enige gelofte wat 'n weduwee of 'n geskeide vrou gedoen het of enige verpligting wat sy op haar geneem het, bly van krag.

¹⁰“As 'n getroude vrou 'n gelofte doen of met 'n eed 'n verpligting op haar neem,

¹¹en haar man hoor daarvan en maak nie beswaar nie en keur dit nie af nie, bly al haar geloftes en die verpligtinge wat sy op haar geneem het, van krag.

¹²Maar as haar man die geloftes uitdruklik nietig verklaar wanneer hy daarvan hoor, is alles wat sy gesê het, haar geloftes of verpligtinge, nie van krag nie, en sal die Here dit nie teen haar hou nie.

¹³Elke gelofte of eed waarmee sy haarself wil kasty, kan deur haar man van krag gemaak of nietig verklaar word.

¹⁴As haar man nie voor die volgende dag beswaar maak nie, maak hy al haar geloftes of al die verpligtinge wat sy op haar geneem het, van krag. Hy het dit dan van krag gemaak deurdat hy geen beswaar gemaak het toe hy daarvan gehoor het nie.

¹⁵As hy egter die geloftes of verpligtinge eers lank nadat hy daarvan gehoor het, nietig verklaar, dra hy die skuld daarvoor, nie sy nie.”

¹⁶Dit is die voorskrifte wat die Here aan Moses gegee het oor die verhouding tussen 'n man en sy vrou, en tussen 'n pa en sy ongetroude dogter wat nog in haar ouerhuis is.

Numeri 31

Wraak op die Midianiete

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Die Israeliete moet die Midianiete straf vir wat hulle julle aangedoen het. Daarna sal jy sterwe.”

³Moses het toe vir die volk gesê: “Bewapen manne vir die oorlog en laat hulle teen die Midianiete optrek om hulle te straf in die Naam van die Here.

⁴Stuur uit elke stam van Israel duisend man om te gaan veg.”

⁵Daar is toe twaalf duisend man uit die stamme van Israel aangewys, duisend uit elke stam, almal toegerus vir die oorlog.

⁶Moses het hulle, duisend uit elke stam, saam met Pinehas seun van die priester Eleasar gestuur om te gaan veg. Pinehas het gewyde voorwerpe, die trompette om die seine te gee, saamgevat.

⁷Hulle het oorlog gemaak teen die Midianiete soos die Here vir Moses beveel het en al die mans doodgemaak.

⁸Onder die gesneuweldes was die vyf Midianitiese konings Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba. Die Israeliete het ook vir Bileam seun van Beor doodgemaak.

⁹Hulle het die Midianitiese vrouens met hulle kinders gevange geneem, en al die beeste, kleinvee en besittings buitgemaak.

¹⁰Die Israeliete het al die stede in die gebied van die Midianiete en al hulle ander blyplekke verbrand.

¹¹Daarna het die Israeliete alles wat hulle gebuit en geroof het, mens en dier, gevat

¹²en die gevangenes, die roof en die buit na Moses en die priester Eleasar en die volk Israel toe gebring in die kamp in die Moabsvlakte regoor Jerigo aan die Jordaan.

¹³Moses en die priester Eleasar en al die leiers van die volk het die leer buite die kamp gaan ontmoet.

¹⁴Moses was kwaad vir die bevelvoerders van die leer, die bevelvoerders oor duisend en oor honderd wat van die veldtog af teruggekom het.

¹⁵Hy het vir hulle gesê: “Julle het al die vrouens in die lewe laat bly,

¹⁶en deur toedoen van Bileam was juis hulle die oorsaak dat die Israeliete by Peor ontrou was aan die Here en daar 'n ramp oor die volk van die Here gekom het!

¹⁷Maak al die seuntjies dood en elke vrou wat al met 'n man gemeenskap gehad het.

¹⁸Maar elke dogter wat nog nie met 'n man gemeenskap gehad het nie, mag julle laat lewe en vir julle vat.

¹⁹Dié van julle wat iemand doodgemaak het of aan 'n lyk geraak het, moet sewe dae buite die kamp bly. Op die derde en die sewende dag moet julle julleself en julle gevangenes reinig.

²⁰Julle moet ook al julle klere en alles wat van vel of bokhaar of hout gemaak is, reinig.”

²¹Die priester Eleasar het vir die soldate wat gaan oorlog maak het, gesê: “Die voorskrif wat die Here aan Moses geopenbaar het, is:

²²goud, silwer, brons, yster, tin, lood,

²³alles wat nie kan verbrand nie, moet deur julle met vuur gereinig word en daarna met reinigingswater. Alles wat kan verbrand, moet deur julle met reinigingswater gereinig word.

²⁴Op die sewende dag moet julle julle klere was en sal julle rein wees. Daarna mag julle na die kamp toe terugkom.”

Verdeling van die buit

²⁵Die Here het vir Moses gesê:

²⁶“Jy en die priester Eleasar en die familiehoofde van die volk moet al die mense wat gevang is en die diere wat buitgemaak is, tel.

²⁷Dan moet julle die buit verdeel tussen dié wat by die oorlog betrokke was en gaan veg het, en die res van die volk.

²⁸Jy moet van die soldate wat gaan veg het, 'n offergawe vir die Here neem, een op vyf honderd uit die mense, beeste, donkies en kleinvee.

²⁹Die bydrae wat jy uit hulle deel vat, moet jy aan die priester Eleasar gee as 'n offergawe aan die Here.

³⁰Uit die deel van die res van die Israeliete moet jy een op vyftig vat, uit die mense, beeste, donkies, kleinvee en ander diere, en dit aan die Leviete gee wat die diens by die tabernakel van die Here behartig.”

- ³¹Moses en die priester Eleasar het gedoen soos die Here vir Moses beveel het.
- ³²Die buit wat behoue gebly het uit wat die soldate geroof het, was ses honderd vyf en sewentig duisend stuks kleinvee,
- ³³twee en sewentig duisend beeste,
- ³⁴een en sestig duisend donkies,
- ³⁵twee en dertig duisend vrouens wat nog nie met mans gemeenskap gehad het nie.
- ³⁶Die soldate wat gaan veg het, se deel was drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd stuks kleinvee,
- ³⁷waarvan ses honderd vyf en sewentig as offergawe aan die Here,
- ³⁸ses en dertig duisend beeste, waarvan twee en sewentig as offergawe aan die Here,
- ³⁹dertig duisend vyf honderd donkies waarvan een en sestig as offergawe aan die Here,
- ⁴⁰en sestien duisend mense van wie twee en dertig as offergawe aan die Here.
- ⁴¹Moses het die offergawe aan die Here vir die priester Eleasar gegee soos die Here hom beveel het.
- ⁴²Die ander Israeliete se deel wat deur Moses van dié van die soldate afgesonder is,
- ⁴³die volk se helfte, was drie honderd sewe en dertig duisend vyf honderd stuks kleinvee,
- ⁴⁴ses en dertig duisend beeste,
- ⁴⁵dertig duisend vyf honderd donkies en
- ⁴⁶sestien duisend mense.
- ⁴⁷Van die Israeliete se helfte het Moses een uit elke vyftig persone en diere gevat soos die Here hom beveel het, en dit aan die Leviete gegee wat die diens by die tabernakel van die Here behartig.

⁴⁸Toe het die bevelvoerders van die leërafdelings, die bevelvoerders oor duisend en oor honderd, na Moses toe gekom

⁴⁹en gesê: “Ons het die soldate wat onder ons bevel was, getel, en daar word nie een vermis nie.

⁵⁰Daarom bring ons as offergawe aan die Here al die goue goed wat ons gekry het: armkettings en armbande, seëlringe, oorringe en halskettings. Dit moet vir ons versoening doen by die Here.”

⁵¹Moses en die priester Eleasar het al die goue sierade in ontvangs geneem.

⁵²Al die goud wat hulle van die bevelvoerders ontvang het en wat as offergawe aan die Here gegee is, het amper twee honderd kilogram geweeg.

⁵³Die soldate het hulle buit vir hulleself gehou.

⁵⁴Moses en die priester Eleasar het die goud by die bevelvoerders in ontvangs geneem en dit na die tent van ontmoeting toe gebring. Dit moes die Here altyd aan Israel herinner.

Numeri 32

Die stamme oorkant die Jordaan

(Vgl. Deut. 3:12-20)

¹Die stamme Ruben en Gad het groot troppe vee besit. Hulle het gesien dat die Jaser- en Gileadstreke goeie veewêreld is,

²en het toe vir Moses, die priester Eleasar en die volksleiers gaan sê:

³“Die streke Atarot, Dibon, Jaser, Nimra, Gesbon, Elale, Sibma, Nebo en Baäl-Meon

⁴wat deur die Here vir die volk Israel verower is, is goeie veewêreld, en ons het baie vee.

⁵As u dit goedvind,” het hulle gesê, “gee dan hierdie gebied vir ons as besitting en moet ons nie verplig om deur die Jordaan te trek nie.”

⁶Moses sê toe vir hulle: “Moet julle volksgenote gaan veg terwyl julle hier bly?

⁷Waarom wil julle die ander Israëliete ontmoedig om na die land toe te trek wat die Here vir hulle gegee het?

⁸So het julle voorvaders ook gemaak toe ek hulle van Kades-Barnea af gestuur het om die land te verken.

⁹Hulle het tot by Eskolspruit gegaan en die land verken, en toe die Israëliete ontmoedig, sodat hulle nie na die land toe wou gaan wat die Here vir hulle gegee het nie.

¹⁰⁻¹¹Dié dag het die Here baie kwaad geword omdat hulle Hom nie getrou gevolg het nie. Hy het met 'n eed verklaar dat die manne van twintig jaar en ouer wat uit Egipte getrek het, nie die land sou sien wat Hy met 'n eed aan Abraham, Isak en Jakob beloof het nie.

¹²Net Kaleb seun van Jefunne, die Kenassiet, en Josua seun van Nun sal die land sien, want hulle het die Here getrou gevolg.

¹³Die Here was baie kwaad vir Israel en het hulle veertig jaar lank in die woestyn laat rondswerf, totdat die hele geslag omgekom het wat in sy oë verkeerd gedoen het.

¹⁴En nou kom julle, sondaarsgeslag, net soos julle voorvaders destyds, en julle maak die Here nog meer kwaad vir Israel.

¹⁵As julle nou aan Hom ontrou is, sal Hy die hele volk nog langer in die woestyn laat bly en hulle tot niet laat gaan.”

¹⁶Hulle het toe vir Moses gesê: “Ons sal hier krale bou vir ons kleinvee en stede vir ons gesinne,

¹⁷maar ons sal dadelik ons wapens vat en aan die voerpunt van die Israëliete trek totdat ons hulle by hulle bestemming gebring het. Intussen kan ons gesinne in die versterkte stede woon en so sal hulle veilig wees teen die inwoners van die land.

¹⁸Ons sal nie na ons huise toe terugkom voordat elke Israëliet sy besitting ontvang het nie.

¹⁹Ons wil nie saam met hulle aan die westekant van die Jordaan ons besitting hê nie, ons wil ons besitting hier oos van die Jordaan hê.”

²⁰Toe het Moses vir hulle gesê: “Doen dit dan. Vat julle wapens en trek op voor die ark van die Here uit om te gaan veg.

²¹Al julle gewapende manne moet deur die Jordaan gaan en voor die ark van die Here uit optrek, totdat Hy sy vyande verslaan het.

²²Eers wanneer die Here die land onderwerp het, mag julle terugkom en sal julle vrygestel wees van julle verpligting teenoor die Here en teenoor Israel. Dan kan julle hierdie gebied uit die hand van die Here ontvang as julle besitting.

²³Maar as julle dit nie doen nie, sondig julle teen die Here en moet julle weet dat julle sonde julle sal agterhaal.

²⁴Bou gerus die stede vir julle gesinne en die krale vir julle kleinvee, maar doen wat julle gesê het.”

²⁵Die mense van Gad en Ruben het toe vir Moses gesê: “Ons sal doen soos u gesê het.

²⁶Ons vrouens en kinders, ons kleinvee en ons beeste sal hier in die stede van Gilead bly,

²⁷maar al ons gewapende manne sal voor die ark van die Here uit optrek om te gaan veg soos u gesê het.”

²⁸Moses het toe vir die priester Eleasar, vir Josua seun van Nun en vir die leiers van die stamme van Israel

²⁹gesê: “As die mense van Gad en Ruben, al hulle gewapende manne, saam met julle deur die Jordaan gaan en voor die ark van die Here uit optrek om te gaan veg, en die land aan julle onderwerp is, moet julle die Gileadgebied aan hulle as 'n besitting gee.

³⁰Maar as hulle gewapende manne nie saam met julle gaan nie, moet hulle tussen julle in Kanaän 'n besitting kry.”

³¹Die mense van Gad en Ruben het toe geantwoord: “Ons sal doen wat die Here vir ons gesê het.

³²Ons gewapende manne sal voor die ark van die Here uit optrek na Kanaän toe, maar ons besitting moet hier oos van die Jordaan wees.”

³³Moses het toe die koninkryk van koning Sihon van die Amoriete, en die koninkryk van koning Og van Basan, die hele streek met sy stede en die gebied daar rondom, aan die stamme Gad en Ruben en aan die halwe stam van Manasse seun van Josef gegee.

³⁴Die mense van Gad het Dibon, Atarot, Aroër,

³⁵Atrot-Sofan, Jaser, Jogboha,

³⁶Bet-Nimra en Bet-Haram as vestingstede ingerig en ook krale vir hulle kleinvee gebou.

³⁷Die mense van Ruben het die volgende stede herbou: Gesbon, Elale, Kirjatajim,

³⁸Nebo, Baäl-Meon, waarvan die naam verander is, en Sibma. Hulle het die ander stede wat hulle herbou het, se name behou.

³⁹Die afstammeling van Makir seun van Manasse het na Gilead toe gegaan, dit verower en die Amoriete wat daar was, uitgedryf.

⁴⁰Moses het Gilead toe aan die mense van Makir seun van Manasse gegee, en hulle het daar gaan woon.

⁴¹Jaïr, ook 'n afstammeling van Manasse, het die tentdorpe gaan verower, en hulle tentdorpe van Jaïr genoem.

⁴²Nobag het Kenat en sy buitedorpe gaan verower, en die plek Nobag genoem, na homself.

Numeri 33

Israel se kampplekke tussen Egipte en Kanaän

¹Hier volg nou 'n oorsig van die Israeliete se kampplekke nadat hulle volgens stamindeling onder leiding van Moses en Aäron uit Egipte getrek het.

²Op bevel van die Here het Moses soos hulle getrek het die name van die kampplekke aangeteken. Dit is hoe hulle getrek het:

³Hulle het uit Rameses vertrek op die vyftiende van die eerste maand, die dag ná die paasfees. Deur die magtige daade van die Here het hulle voor die oë van die Egiptenaars weggetrek

⁴terwyl die Egiptenaars nog besig was om hulle eersgeborenes, wat deur die Here om die lewe gebring is, te begrawe. Dit is hoe die Here die oordeel oor hulle gode voltrek het.

⁵Die Israeliete het van Rameses af weggetrek en by Sukkot kamp opgeslaan.

⁶Hulle het Sukkot verlaat en kamp opgeslaan by Etam aan die rand van die woestyn.

⁷Hulle het Etam verlaat, en is toe terug na Pi-Hagirot, regoor Baäl-Sefon, en het by Migdol kamp opgeslaan.

⁸Hulle het die omgewing van Pi-Hagirot verlaat en deur die Rietsee na die woestyn toe getrek. Na drie dae se trek deur die Etamwoestyn het hulle by Mara kamp opgeslaan.

⁹Hulle het Mara verlaat en by Elim aangekom. Daar was twaalf fonteine en sewentig palmbome, en hulle het daar kamp opgeslaan.

¹⁰Hulle het van Elim af teruggedraai en by die Rietsee kamp opgeslaan.

¹¹Hulle het die Rietsee verlaat en in die Sinwoestyn kamp opgeslaan.

¹²Hulle het die Sinwoestyn verlaat en by Dofka kamp opgeslaan.

¹³Hulle het Dofka verlaat en by Alus kamp opgeslaan.

¹⁴Hulle het Alus verlaat en by Refidim kamp opgeslaan. Daar was nie drinkwater vir die volk nie.

¹⁵Hulle het Refidim verlaat en in die Sinaiwoestyn kamp opgeslaan.

¹⁶Hulle het die Sinaiwoestyn verlaat en by Kibrot-Taäwa kamp opgeslaan.

¹⁷Hulle het Kibrot-Taäwa verlaat en by Gaserot kamp opgeslaan.

- ¹⁸Hulle het Gaserot verlaat en by Ritma kamp opgeslaan.
- ¹⁹Hulle het Ritma verlaat en by Rimmon-Peres kamp opgeslaan.
- ²⁰Hulle het Rimmon-Peres verlaat en by Libna kamp opgeslaan.
- ²¹Hulle het Libna verlaat en by Rissa kamp opgeslaan.
- ²²Hulle het Rissa verlaat en by Kehelata kamp opgeslaan.
- ²³Hulle het Kehelata verlaat en by Har-Sefer kamp opgeslaan.
- ²⁴Hulle het Har-Sefer verlaat en by Garada kamp opgeslaan.
- ²⁵Hulle het Garada verlaat en by Makhelot kamp opgeslaan.
- ²⁶Hulle het Makhelot verlaat en by Tagat kamp opgeslaan.
- ²⁷Hulle het Tagat verlaat en by Terag kamp opgeslaan.
- ²⁸Hulle het Terag verlaat en by Mitka kamp opgeslaan.
- ²⁹Hulle het Mitka verlaat en by Gasmona kamp opgeslaan.
- ³⁰Hulle het Gasmona verlaat en by Moserot kamp opgeslaan.
- ³¹Hulle het Moserot verlaat en by Bene-Jaäkan kamp opgeslaan.
- ³²Hulle het Bene-Jaäkan verlaat en by Gor-Gidgad kamp opgeslaan.
- ³³Hulle het Gor-Gidgad verlaat en by Jotbata kamp opgeslaan.
- ³⁴Hulle het Jotbata verlaat en by Abrona kamp opgeslaan.
- ³⁵Hulle het Abrona verlaat en by Esjon-Geber kamp opgeslaan.
- ³⁶Hulle het Esjon-Geber verlaat en by Kades in die Sinwoestyn kamp opgeslaan.
- ³⁷Hulle het Kades verlaat en by Horberg aan die grens van Edom kamp opgeslaan.
- ³⁸Op bevel van die Here het die priester Aäron teen Horberg uitgeklim en daar op die eerste van die vyfde maand in die veertigste jaar ná die Israeliete se uittog uit Egipte gesterf.
- ³⁹Aäron was honderd drie en twintig jaar toe hy op Horberg dood is.

⁴⁰Die Kanaänitiese koning van Arad, wat in die Suidland van Kanaän gewoon het, het gehoor dat die Israeliete aan die kom is.

⁴¹Die Israeliete het Horberg verlaat en by Salmona kamp opgeslaan.

⁴²Hulle het Salmona verlaat en by Punon kamp opgeslaan.

⁴³Hulle het Punon verlaat en by Obot kamp opgeslaan.

⁴⁴Hulle het Obot verlaat en by Ije-Abarim aan die grens van Moab kamp opgeslaan.

⁴⁵Hulle het Ije-Abarim verlaat en by Dibon-Gad kamp opgeslaan.

⁴⁶Hulle het Dibon-Gad verlaat en by Almon-Diblatajim kamp opgeslaan.

⁴⁷Hulle het Almon-Diblatajim verlaat en in die Abarimberge regoor Nebo kamp opgeslaan.

⁴⁸Hulle het die Abarimberge verlaat en in die Moabsvlakte aan die Jordaan regoor Jerigo kamp opgeslaan.

⁴⁹Daar in die Moabsvlakte aan die Jordaan, tussen Bet-Jesimot en Abel-Sittim, het hulle kamp opgeslaan.

⁵⁰In die Moabsvlakte aan die Jordaan regoor Jerigo het die Here vir Moses gesê:

⁵¹“Praat met die Israeliete en sê vir hulle: As julle die Jordaan na Kanaän toe oorsteek,

⁵²moet julle al die inwoners van dié land verdrywe. Vernietig al die afgodsbeelde wat hulle vir hulle uitgesny en gegiet het, en verwoes al hulle hoogtes.

⁵³Neem die land in besit en gaan woon daar, want Ek gee die land aan julle as besitting.

⁵⁴Verdeel die land deur loting volgens julle stamme. Gee meer grond aan 'n groter groep, en minder aan 'n kleiner groep. Elkeen kry sy deel waar die lot dit aanwys. Elke stam moet sy eie grond hê.

⁵⁵As julle nie al die inwoners van die land verdryf nie, sal dié van hulle wat oorbly, soos splinters in julle oë en soos dorings in julle sye wees. Hulle sal teen julle oorlog maak oor die land waarin julle woon,

⁵⁶en dan sal Ek aan julle doen wat Ek aan hulle wou doen! ”

Numeri 34

Beskrywing van die landsgrense

¹Die Here het vir Moses gesê:

²“Jy moet vir die Israeliete sê: Wanneer julle in Kanaän kom, moet die land wat vir julle as besitting aangewys is, die volgende grense hê:

³“Julle suidgrens is die grens van die Suidland, van die Sinwoestyn af tot teen Edom. Aan die oostekant begin hierdie grens by die suidelike punt van die Soutsee,

⁴daarvandaan draai dit suid van Skerpioenpas weg en loop dit deur tot by Sin. Daarvandaan gaan dit suid van Kades-Barnea tot by Gasar-Addar en dan verby tot by Asmon,

⁵waar dit wegdraai en met Egiptespruit langs loop tot by die see.

⁶“Julle wesgrens is die Groot See.

⁷“Julle noordgrens moet loop van die Groot See af: trek 'n lyn van daar af tot by Horberg in die noorde,

⁸en van daar af tot by Lebo-Hamat. Daarvandaan loop die grens na Sedad toe

⁹en verder tot by Sifron en Gasar-Enan. Dit is julle noordgrens.

¹⁰“Vir julle oosgrens moet julle 'n lyn trek van Gasar-Enan af tot by Sefam.

¹¹Die grens loop dan van Sefam af tot by Ribla, oos van Ajin, en daarvandaan teen die oostelike oewer van die Gennesaretmeer en dan met

¹²die Jordaan langs tot by die Soutsee. “Dit is die grense van julle hele land.”

¹³Moses het vir die Israeliete gesê: “Dit is die land wat julle deur loting moet verdeel, die gebied wat volgens bevel van die Here aan die nege en 'n halwe stamme gegee moet word.

¹⁴Die families in die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam het reeds hulle grond gekry.

¹⁵Hierdie twee en 'n halwe stamme het hulle grond regoor Jerigo, oos van die Jordaan, gekry.”

¹⁶Die Here het ook nog vir Moses gesê:

¹⁷“Die manne wat die land vir julle moet verdeel, is die priester Eleasar en Josua seun van Nun.

¹⁸Stel een leier uit elke stam aan om die land te help verdeel.

¹⁹Die name van dié manne is: “Kaleb seun van Jefunne vir die stam Juda;

²⁰Samuel seun van Ammihud vir die stam Simeon;

²¹Elidad seun van Kison vir die stam Benjamin;

²²Bukki, seun van Jogli, leier van die stam Dan;

²³Ganniël, seun van Efod, leier van die stam Manasse seun van Josef;

²⁴Kemuel, seun van Siftan, leier van die stam Efraim;

²⁵Elisafan, seun van Parnak, leier van die stam Sebulon;

²⁶Paltiël, seun van Assan, leier van die stam Issaskar;

²⁷Agihud, seun van Selomi, leier van die stam Aser;

²⁸Pedael, seun van Ammihud, leier van die stam Naftali.”

²⁹Dit is die manne aan wie die Here opdrag gegee het om Kanaän onder die Israeliete te help verdeel.

Numeri 35

Stede vir die Leviëte

¹In die Moabsvlakte aan die Jordaan, regoor Jerigo, het die Here vir Moses gesê:

²“Sê vir die Israeliete hulle moet in die gebiede wat hulle besit, vir die Leviete stede gee om in te woon, en ook weiveld rondom die stede.

³Dan sal hulle stede hê om in te woon, en ook weivelde vir hulle beeste, hulle kleinvee en ander diere.

⁴Julle moet 'n strook van ten minste vier honderd en vyftig meter wyd buite die stadsmuur vir die Leviete as weiveld gee.

⁵Meet van die buitekant van die stad af aan die oostekant nege honderd meter, aan die suidekant nege honderd meter, aan die westekant nege honderd meter, en aan die noordekant nege honderd meter, met die stad in die middel. Dit sal hulle weiveld rondom die stede wees.

⁶“Ses van die stede wat julle vir die Leviete gee, moet asielstede wees waarheen iemand wat 'n ander se dood veroorsaak het, kan vlug. Afgesien hiervan moet julle vir die Leviete nog twee en veertig stede gee.

⁷Julle moet vir hulle altesaam ag en veertig stede met hulle weivelde gee.

⁸Die stede wat julle in die gebied van elke stam aan die Leviete gee, moet volgens die grootte van die gebied wees wat elke stam gekry het: meer stede van die groter stamme en minder van die kleiner stamme.”

Asielstede

(Vgl. Deut. 19:1-13; Jos. 20:1-9)

⁹Die Here het vir Moses gesê:

¹⁰“Sê vir die Israeliete: Wanneer julle deur die Jordaan na Kanaän toe trek,

¹¹moet julle stede aanwys wat asielstede vir julle kan wees waarheen 'n persoon kan vlug wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het.

¹²Dit moet vir julle plekke wees waar julle veilig is teen die wraak van 'n bloedverwant van die oorledene, sodat iemand wat 'n ander se dood veroorsaak het, nie hoef te sterf voordat hy sy saak voor die bevoegde vergadering gelê het nie.

¹³Die ses stede wat julle gee, sal vir julle asielstede wees.

¹⁴Julle moet drie asielstede oos van die Jordaan en drie in Kanaän beskikbaar stel.

¹⁵Die ses stede moet plekke van asiel wees vir Israeliete sowel as vir vreemdelinge en ander uitlanders tussen julle, sodat elkeen wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het, daarheen kan vlug.

¹⁶“As iemand 'n ander met 'n stuk yster slaan, sodat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word.

¹⁷As iemand in sy hand 'n klip het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander daarmee dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word.

¹⁸As iemand in sy hand 'n stuk hout het wat groot genoeg is om 'n mens mee dood te maak, en hy slaan 'n ander dat hy sterf, is hy 'n moordenaar en moet hy beslis doodgemaak word.

¹⁹'n Bloedverwant van die oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry.

²⁰As iemand 'n ander uit haat stamp of hom doelbewus met iets gooi, sodat hy sterf

²¹of hom uit vyandskap met die vuus slaan, sodat hy sterf, moet so iemand doodgemaak word; hy is 'n moordenaar. 'n Bloedverwant van die oorledene moet die dood wreek en die moordenaar doodmaak waar hy hom ook al kry.

²²“Maar as iemand sonder opset en sonder vyandskap 'n ander stamp of hom per ongeluk raakgooi

²³of as iemand sonder dat hy kyk 'n klip gooi wat die dood kan veroorsaak, en dit 'n ander tref, sodat hy sterf, en hy wat gegooi het, het dit nie uit vyandskap of met verkeerde bedoelings gedoen nie,

²⁴moet die bevoegde vergadering volgens hierdie bepalings uitspraak lewer tussen hom wat die dood veroorsaak het en die bloedverwant wat die dood wil wreek.

²⁵Die vergadering moet die beskuldigde bevry uit die mag van die bloedverwant en hom terugstuur na die asielstad toe waarheen hy gevlug het. Dáár moet hy bly totdat die hoëpriester, die man wat met gewyde olie gesalf is, gesterf het.

²⁶Maar as die een wat die dood veroorsaak het, hom waag buite die gebied van die asielstad waarheen hy gevlug het,

²⁷en die bloedverwant wat die dood wil wreek, loop hom raak, mag die bloedverwant hom doodmaak sonder om skuldig te wees aan moord.

²⁸Die man wat die dood veroorsaak het, moet in die asielstad bly tot die dood van die hoëpriester, en eers ná die dood van die hoëpriester kan hy na sy eie grond toe teruggaan.

²⁹“Dit is 'n vaste voorskrif vir julle en vir julle nageslag, waar julle ook al mag woon.

³⁰Enigeen wat die dood van 'n ander veroorsaak, mag slegs as moordenaar doodgemaak word op grond van die getuienis van meer as een persoon. Een getuie is nie genoeg om iemand met die dood te straf nie.

³¹Julle mag nie loskoopgeld aanneem vir die lewe van 'n moordenaar wat die dood skuldig is nie. Hy moet beslis doodgemaak word.

³²Julle mag ook nie loskoopgeld aanneem vir iemand wat na sy asielstad toe gevlug het en voor die dood van die hoëpriester na sy grond toe teruggekeer het nie.

³³Julle mag die land waarin julle woon, nie onrein maak nie, want bloedvergieting verontreinig die land en daar kan alleen deur die dood van hom wat die bloed vergiet het, versoening gedoen word vir die land waarin die bloed vergiet is.

³⁴Julle moenie die land waarin julle bly en waar Ek teenwoordig is, onrein maak nie, want Ek, die Here, is teenwoordig by die Israeliete.”

Numeri 36

Bepalings oor die grond van Selofgad se dogters

¹Die familiehoofde van die mense van Gilead seun van Makir, seun van Manasse uit die Josefstam, het met Moses en die leiers, die familiehoofde van die Israeliete, kom praat

²en gesê: “Toe die Here u beveel het om die land tussen die Israeliete te verdeel, het die Here u ook opdrag gegee om die grond wat ons stamverwant Selofgad toegekome het, aan sy dogters te gee.

³As hulle nou met mans uit ander Israelitiese stamme trou, sal hulle grond wegval uit ons familiebesitting en gevoeg word by dié van die stam waaraan hulle dan sal behoort. So sal die grond wat aan ons toegewys is, van ons weggeneem word.

⁴As die hersteljaar vir die Israeliete aanbreek, sal die dogters se grond gevoeg word by die stam waaraan hulle dan behoort, en so sal hulle grond van dié van ons families weggeneem word.”

⁵Op bevel van die Here het Moses toe die volgende opdrag aan die Israeliete gegee: “Wat die mense van die Josefstam sê, is reg.

⁶Die Here het ten opsigte van Selofgad se dogters beveel dat hulle met enigiemand mag trou wat hulle goedvind solank hulle binne die stamverband trou.

⁷Geen grond van die Israeliete mag van die een stam op 'n ander oorgaan nie, want elke Israeliet moet vashou aan sy deel van die stam se grond.

⁸Elke dogter wat grond besit in een van die Israelitiese gebiede, moet met iemand uit haar pa se stam trou, sodat die familiegrond vir elke Israeliet behoue bly.

⁹Geen grond mag van een stam op 'n ander oorgaan nie; elke Israelitiese stam moet aan sy grond vashou.”

¹⁰Die dogters van Selofgad het gedoen soos die Here vir Moses beveel het.

¹¹Hulle almal, Magla, Tirsa, Gogla, Milka en Noa, het met hulle neefs aan vaderskant getrou.

¹²Hulle het getrou binne die stam van Manasse seun van Josef, en hulle grond het deel gebly van dié van hulle pa se stam.

¹³Dit is die gebooie en bepalings wat die Here deur middel van Moses die Israeliete beveel het in die Moabsvlakte aan die Jordaan, regoor Jerigo.

Deuteronomium

Deuteronomium 1

Moses praat met die Israeliete in die woestynvlakte

¹In hierdie boek word die woorde van Moses weergegee. Hy het al die Israeliete toegesprek in die woestynvlakte oos van die Jordaan, oorkant Suf, in die omgewing van Paran, Tofel, Laban, Gaserot en Di-Sahab.

²Dit vat elf dae om met die Seirbergpad van Horeb af by Kades-Barnea te kom.

³Op die eerste van die elfde maand van die veertigste jaar na die uittog uit Egipte het Moses vir die Israeliete alles gesê wat die Here hom oor hulle beveel het.

⁴Dit was nadat Moses vir Sihon en Og verslaan het. Koning Sihon van die Amoriëte het in Gesbon gewoon, en koning Og van Basan in Astarot by Edrei.

⁵Dit was oos van die Jordaan, in Moab, dat Moses die wet begin verduidelik het. Hy het gesê:

⁶“Die Here ons God het by Horeb vir ons gesê: ‘Julle het nou lank genoeg by hierdie berg gebly.

⁷Breek nou kamp af en trek die Bergwêreld van die Amoriëte in en ook die gebied van die mense wat saam met die Amoriëte in die land woon: die Jordaanvallei, die Bergwêreld, die Laeveld, die Suidland en die Kusvlakte. Dit is die hele Kanaän en die Libanon tot by die groot rivier, die Eufraat.

⁸Ek stel hierdie land tot julle beskikking. Trek in en neem dit in besit. Ek, die Here, het met 'n eed beloof om dit aan julle voorvaders Abraham, Isak en Jakob te gee en aan hulle nageslag.’

⁹“Toe julle van Horeb af weg is, het ek vir julle gesê: ‘Ek kan nie alleen al die verantwoordelikheid vir julle dra nie.

¹⁰Die Here julle God het julle baie laat word, en nou is julle net so baie soos die sterre aan die hemel.

¹¹Mag die Here die God van julle voorvaders julle nog duisend maal meer maak en vir julle 'n groot nageslag gee soos Hy julle beloof het.

¹²Hoe kan ek alleen julle probleme oplos, die verantwoordelikheid vir julle dra en julle hofsake verhoor?

¹³Bring uit julle stamme verstandige manne, manne met insig, manne van aansien, sodat ek hulle as hoofde oor julle kan aanstel.'

¹⁴Toe het julle vir my gesê: 'Wat u wil doen, is reg,'

¹⁵en ek het die leiers uit julle stamme aanvaar, verstandige manne, manne van aansien, en hulle aangestel as hoofde oor julle, leiers van duisend, van honderd, van vyftig en van tien: amptenare vir julle stamme.

¹⁶In dieselfde tyd het ek ook julle regters beveel: 'Verhoor die sake wat daar tussen julle volksgenote kom en lewer regverdige uitsprake, of dit nou is tussen volksgenoot en volksgenoot of tussen volksgenoot en vreemdeling.

¹⁷Moenie partydig wees as julle 'n saak verhoor nie, luister na klein en groot. Moenie vir mense bang wees nie. Wie regspraak, is in diens van God. Sake wat vir julle te moeilik is, moet julle na my toe bring en ek sal hulle verhoor.'

¹⁸"Ek het julle destyds alles beveel wat julle moet doen."

In die woestyn
(Vgl. Num. 13:1 -- 14:45)

¹⁹"Ons het van Horeb af weggetrek en ons het deur daardie groot woestyn met al sy gevare getrek, daardie woestyn wat julle self gesien het. Ons het met die pad na die Bergwêreld van die Amoriete toe getrek soos die Here ons God ons beveel het, en ons het by Kades-Barnea uitgekom.

²⁰Toe het ek vir julle gesê: 'Ons het nou die Bergwêreld van die Amoriete bereik. Die Here ons God gee dit vir ons.

²¹Kyk, die Here julle God stel die land tot julle beskikking. Trek in, neem dit in besit soos die Here die God van julle voorvaders julle beloof het. Moenie bang wees nie, moenie huiwer nie.'

²²“Julle almal het toe na my toe gekom en gevra ons moet manne voor ons uit stuur dat hulle die land vir ons kan verken en ons kan kom inlig oor die pad wat ons moet vat en oor die stede waarheen ons op pad is.

²³Ek het gedink dis 'n goeie plan en ek het twaalf man uit julle gekies, een uit elke stam.

²⁴Hulle het die Bergwêreld ingegaan en by die Eskolvallei gekom en dit verken.

²⁵Hulle het van die vrugte van die land na ons toe gebring en vir ons kom sê: ‘Die Here ons God gee ons 'n goeie land.’

²⁶“Maar julle wou nie optrek nie. Julle het julle verset teen die opdrag van die Here julle God.

²⁷Julle het in julle tente bly sit en mor, en julle het gesê: ‘Omdat die Here ons haat, het Hy ons uit. Egipte laat trek om ons aan die Amoriëte oor te gee sodat hulle ons kan uitroei.

²⁸Waarheen kan ons nou gaan? Ons broers het ons moed gebreek toe hulle gesê het: Daar woon 'n volk wat groter en sterker is as ons. Hulle het groot stede en sterk, hoë vestings. Ons het ook die Enakiete, die reuse, daar gesien.’

²⁹“Toe het ek vir julle gesê: ‘Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie.

³⁰Die Here julle God gaan voor julle uit en Hy sal vir julle veg net soos Hy in Egipte voor julle eie oë alles vir julle gedoen het.

³¹Julle het in die woestyn ondervind hoe die Here julle God julle die hele pad waarlangs julle tot hier toe gekom het, gedra het soos 'n man sy seun dra.’

³²Maar tog het julle nie julle vertrouë gestel in die Here julle God

³³wat op die pad voor julle vooruit gegaan het om kampplekke vir julle uit te soek nie. Snags het Hy vir julle julle pad met vuur aangewys en bedags met 'n wolkkolom.

³⁴“Toe die Here hoor wat julle sê, het sy toorn ontvlam en het Hy 'n eed afgelê:

³⁵‘Nie een van hierdie slegte geslag sal die goeie land sien wat Ek, die Here, hulle voorvaders met 'n eed beloof het om aan hulle te gee nie.

³⁶Net Kaleb seun van Jefunne sal die land sien, en aan hom en sy nageslag sal Ek die grond gee waarop hy geloop het, want hy het die Here getrou gevolg.’

³⁷“Dit was oor julle dat die Here vir my kwaad geword het en gesê het: ‘Ook jý sal nie die land ingaan nie.

³⁸Jou assistent, Josua seun van Nun, hý sal daar ingaan. Moedig hom aan, want dit is hý wat Israel die land in besit sal laat neem.

³⁹Julle babatjies van wie julle gesê het hulle sal buitgemaak word, en julle kleuters wat nou nog niks weet nie, hulle sal die land ingaan. Ek gee dit vir hulle en hulle sal dit in besit neem.

⁴⁰Julle moet nou omdraai en die woestyn in trek, al met die pad na die Rietsee toe.’

⁴¹“Toe het julle uitgeroep: ‘Ons het teen die Here gesondig! Ons wil optrek en gaan veg soos die Here ons God ons beveel het.’ Julle het julle wapens gegryp en gedink dis kinderspeletjies om die Bergwêreld te gaan verower.

⁴²“Maar die Here het vir my gesê: ‘Sê vir hulle hulle moenie optrek om te gaan oorlog maak nie, want Ek is nie by hulle nie. Hulle sal nie hulle vyande verslaan nie.’

⁴³Ek het dit vir julle gesê, maar julle het nie geluister nie en in opstand gekom teen die opdrag van die Here. Julle was moedswillig en het na die Bergwêreld toe getrek,

⁴⁴maar die Amoriëte wat in daardie gebied woon, het teen julle opgeruk en julle verjaag soos 'n swerm bye dit sou doen en julle van Seir af tot by Gorma uitmekaar gejaag.

⁴⁵Toe het dit julle berou dat julle dit gedoen het en julle het julle nood by die Here kom kla, maar Hy het nie na julle geluister nie en Hom nie aan julle gesteur nie.

⁴⁶So het dit gekom dat julle so lank by Kades gebly het.”

Deuteronomium 2

Met 'n ompad na Kanaän toe

(Vgl. Num. 20:14-21; 21:10-20)

- ¹“Later het ons die woestyn ingetrek, al met die Rietseepad soos die Here my beveel het. Dit het ons lank gevat om óm Seirberg te trek.
- ²Toe het die Here vir my gesê:
- ³‘Julle het nou ver genoeg om hierdie berg getrek. Draai nou noord
- ⁴en sê vir die volk: Julle staan op die punt om deur die gebied te trek van julle broers, die nageslag van Esau wat in Seir woon. Hulle is bang vir julle, maar julle moet julle bedwing.
- ⁵Moenie oorlog teen hulle maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir julle gee nie, nie eers 'n handbreedte nie, want Ek het Seirberg vir Esau gegee as besitting.
- ⁶Die kos en water wat julle nodig het, moet julle by hulle koop.’
- ⁷“Die Here julle God het julle voorspoedig gemaak in alles wat julle gedoen het. Hy het sy oog oor julle gehou in hierdie groot woestyn, en in hierdie hele veertig jaar was die Here julle God by julle en het julle niks kortgekom nie.
- ⁸“Ons het toe verbygetrek by ons broers, die nageslag van Esau wat in Seir woon, en ons het uit die Woestynpad weggedraai by Elat en Esjon-Geber en met die pad na die Moabwoestyn toe verbygetrek.
- ⁹Toe het die Here vir my gesê: ‘Moenie die Moabiete aanval en teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir jou as besitting gee nie. Ek het Ar vir die nageslag van Lot gegee as besitting.’ ”
- ¹⁰Die Emiete het voorheen in die gebied gewoon. Hulle was 'n groot en sterk volk. Net soos die Enakiete was hulle groot mense.
- ¹¹Die Moabiete het hulle Emiete genoem, maar net soos die Enakiete is hulle as Refaïete beskou.
- ¹²Die Goriëte het vroeër in Seir gewoon, maar die nageslag van Esau het hulle verslaan en uitgeroei en in hulle gebied gaan woon soos die Israëliëte later met

hulle vyande gedoen het in die land wat die Here vir hulle as besitting gegee het.

¹³“Die Here het verder gesê: ‘Trek nou deur Seredspruit,’ en ons het deurgetrek.

¹⁴Vandat ons van Kades-Barnea af weg is tot ons deur Seredspruit getrek het, het ag en dertig jaar verloop. Teen daardie tyd was die weerbare manne uit die ouer geslag nie meer tussen ons nie, soos die Here destyds vir hulle met 'n eed aangekondig het.

¹⁵Sy hand was teen hulle en Hy het hulle almal laat omkom.

¹⁶“Toe al daardie weerbare manne onder die volk uitgesterf het,

¹⁷het die Here vir my gesê:

¹⁸Jy staan op die punt om deur die Moabiete se gebied by Ar te trek,

¹⁹en jy sal naby die grens van die Ammoniete kom. Moet hulle nie aanval en teen hulle oorlog maak nie, want Ek sal nie van hulle grond vir jou as besitting gee nie. Ek het dit vir die nageslag van Lot gegee as besitting.”

Die vorige inwoners is ook verdryf

²⁰Die gebied is beskou as die land van die Refaïete, want hulle het vroeër hier gewoon. Die Ammoniete het hulle Samsummiete genoem.

²¹Hulle was 'n groot en sterk volk, net sulke groot mense as die Enakiete. Die Here het die Samsummiete voor die Ammoniete uit verdryf, en die Ammoniete het hulle verslaan en in hulle gebied gaan woon.

²²Die Here het dieselfde gedoen vir die nageslag van Esau wat in Seïr woon. Die Here het die Goriete voor hulle uit verdryf, en toe het die Edomiete hulle verslaan en in hulle gebied gaan woon. Die Edomiete woon nou nog daar.

²³Die Awwiete wat in dorpies tot by Gasa woon, is verdryf deur mense wat uit Kaftor gekom het en in die Awwiete se gebied gaan woon het.

Die Israeliete verslaan vir Sihon

(Vgl. Num. 21:21-31)

²⁴“Die Here het vir my gesê: ‘Breek kamp af en trek deur die Arnonkloof. Ek gee die Amoret, koning Sihon van Gesbon, en sy land in jou mag. Begin nou, neem sy land in besit, maak oorlog teen hom.

²⁵Vandag bring Ek skrik en vrees vir jou oor al die volke op die aarde. Wanneer hulle hoor wat jy doen, sal hulle bewe en bang wees vir jou.’

²⁶“Uit die Kedemotwoestyn het ek boodskappers na koning Sihon van Gesbon toe gestuur. Ek het 'n vredesvoorstel gemaak en laat weet:

²⁷‘Laat my toe om met die pad deur jou land te trek. Ek sal al met die pad langs trek en nie links of regs uitdraai nie.

²⁸Verkoop aan my die kos en water wat ek nodig het. Ek wil net deurtrek

²⁹tot waar ek deur die Jordaanrivier gaan na die land toe wat die Here ons God vir ons gee. So het die Edomiete van Seïr en die Moabiete van Ar my ook laat doen.’

³⁰“Maar koning Sihon van Gesbon het geweier om ons deur sy gebied te laat trek, want die Here jou God het hom onversetlik gemaak. Die Here het hom koppig gemaak om hom in jou mag oor te gee. Hy is nou nog in jou mag.

³¹“Die Here het verder vir my gesê: ‘Let op, Ek gee Sihon en sy land van nou af in jou mag oor. Begin nou, verower sy land.’

³²“Toe Sihon en sy hele leër optrek om by Jahas teen ons te veg,

³³het die Here ons God hulle in ons mag oorgegee, en ons het hom en sy seuns en sy hele volk verslaan.

³⁴In daardie tyd het ons al sy stede verower en verwoes. Van hulle mans, vrouens en kinders het ons niemand laat vrykom nie.

³⁵Ons het net die vee en ook wat daar te buit was in die stede wat deur ons verower is, vir ons gevat.

³⁶Van Aroër op die Arnonoewer en die stad in die Arnonkloof af tot by Gilead was daar geen stad te sterk vir ons nie. Die Here ons God het hulle almal in ons mag oorgegee.

³⁷Soos die Here ons God ons beveel het, het ons nie die land van die Ammoniete binnegegaan nie: dit is die gebied aan Jabbokspruit en die stede in die bergagtige gebied.”

Deuteronomium 3

Die Israeliete verslaan vir Og

(Vgl. Num. 21:33-35)

¹“Ons het weggedraai met die pad na Basan toe, en koning Og van Basan het met sy hele leer teen ons opgeruk om by Edreï teen ons te veg.

²Toe het die Here vir my gesê: ‘Moenie vir hom bang wees nie, want Ek gee hom en sy hele leer en sy hele land in jou mag oor, en jy moet met hom maak soos jy gemaak het met koning Sihon van die Amoriete, wat in Gesbon gewoon het.’

³“Die Here ons God het toe vir koning Og van Basan en sy hele leer in ons mag oorgegee. Ons het hom verslaan en nie een van sy mense het weggekom nie.

⁴Ons het destyds ál sy stede verower. Daar is nie een van die sestig stede in die Argobstreek waar Og se ryk in Basan was, wat ons nie afgevat het van sy mense nie.

⁵Al hierdie stede was versterk met hoë mure en met poorte met sluitbalke. Daar was ook baie dorpe sonder mure,

⁶en ons het hulle almal heeltemal verwoes soos ons gemaak het met koning Sihon van Gesbon wie se stede ons met mans, vrouens, kinders en al uitgewis het.

⁷Ons het net die vee en wat daar in die stede te buit was, vir ons gevat.

⁸“Ons het destyds die gebied van die twee Amoritiese konings oos van die Jordaan afgevat: die gebied van die Arnonrivier af tot by Hermonberg,

⁹die berg wat Sirjon genoem word deur die mense van Sidon, en Senir deur die Amoriete.

¹⁰Ons het ál die stede in die Hoogvlakte verower en die hele Gilead en Basan tot by Salka en Edreï, die stede en die ryk van Og in Basan.”

¹¹Net koning Og van Basan het destyds nog van die Refaïete oorgebly. Sy bed was van yster. Dit was sowat vier meter lank en amper twee meter breed, en is nou nog te sien in Rabba van die Ammoniete.

Moses gee die verowerde gebied aan Ruben, Gad en die halwe Manassestam

(Vgl. Num. 32:1-42)

¹²“Ek het die gebied wat ons destyds verower het, van Aroër op die Arnonoewer af tot halfpad in die bergwêreld van Gilead en al die stede daarin, aan die stamme Ruben en Gad gegee.

¹³Die res van Gilead en die hele Basan, die vroeëre ryk van Og, het ek aan die halwe Manassestam gegee. Dit is die hele Argobgebied in Basan wat voorheen bekend was as die Refaïete se land.

¹⁴Jaïr uit die nageslag van Manasse het die Argobstreek gevat tot by die grens van Gesur en Maäkat. Basan is toe na Jaïr vernoem, en dit staan nou nog bekend as die tentdorpe van Jaïr.

¹⁵Ek het Gilead vir Makir gegee.

¹⁶Ek het die gebied van Gilead af tot in die middel van die Arnonbedding vir die stamme Ruben en Gad gegee. Hulle noordgrens was Jabbokspruit, die grens van die Ammoniete se land,

¹⁷en die wesgrens was die Jordaanvallei en die Jordaanrivier van Gennesaret af tot by die see in die Jordaanvallei, die Soutsee, onderkant die Pisgahange net oos van die see.

¹⁸“Ek het destyds vir die drie stamme gesê: Die Here julle God het hierdie land vir julle gegee as julle besitting. Maar julle gewapende manne, elke weerbare man, moet die Jordaan oorsteek voor julle volksgenote uit.

¹⁹Net julle vrouens en kinders en vee, en ek weet julle het baie vee, mag agterbly in die stede wat ek vir julle gegee het.

²⁰Julle moet saam met julle volksgenote trek totdat die Here ook aan hulle, soos aan julle, 'n veilige woonplek gegee het, en ook hulle die land wat die

Here julle God vir hulle sal gee, die land wes van die Jordaan, in besit geneem het.”

Josua sal die volk inlei, nie Moses nie

²¹“Ek het destyds vir Josua gesê: ‘Jou twee oë het nou alles gesien wat die Here julle God met daardie twee konings gedoen het. So sal die Here doen met al die koninkryke waarnatoe jy nou gaan deurtrek.

²²Moenie vir hulle bang wees nie. Die Here julle God sal vir julle veg.’

²³“Dit was toe dat ek die Here gesmeek het:

²⁴‘Here my God, U het begin om my u grootheid en u groot mag te laat ondervind. Watter god is daar, in die hemel of op die aarde, wat u magtige daade kan nadoen?

²⁵Laat my tog nou deur die Jordaan gaan om hierdie mooi land te gaan bekyk, die mooi Bergwêreld en die Libanon.’

²⁶Maar deur julle toedoen het die Here destyds vir my kwaad geword en daarom het Hy nie nou my gebed verhoor nie. Hy het vir my gesê: ‘Jy het nou al genoeg daaroor gepraat. Moenie weer met My oor hierdie saak praat nie.

²⁷Klim eerder Pisgaberg uit en kyk na die weste en die noorde, die suide en die ooste. Kyk daarna, want jy sal nie hierdie Jordaan oorsteek nie.

²⁸Gee vir Josua sy opdragte, praat hom moed in en gee hom raad, want hy moet voor hierdie volk uit deur die Jordaan trek en hy moet hulle die land wat jy sal sien, in besit laat neem.’

²⁹Daarom het ons in die laagte teenoor Bet-Peor gebly.”

Deuteronomium 4

Gehoorsaam die Here!

¹“Israeliete, julle moet luister na die voorskrifte en die bepalings waarin ek julle onderrig. Julle moet daarvolgens lewe, dan sal julle bly lewe en die land binnegaan en in besit neem wat die Here die God van julle voorvaders vir julle sal gee.

²Moenie iets byvoeg by wat ek julle beveel nie en moet ook nie iets daarvan wegvat nie, maar gehoorsaam die Here julle God se gebooie wat ek julle gegee het.

³Julle eie oë het gesien wat die Here by Baäl-Peor gedoen het: elkeen wat vir Baäl-Peor gedien het, is deur die Here julle God tussen julle uit verdelg.

⁴Maar julle wat getrou gebly het aan die Here julle God, lewe vandag nog almal.

⁵Kyk, ek het julle die voorskrifte en die bepalings geleer soos die Here my God my beveel het. Julle moet daarvolgens lewe wanneer julle in die land kom en dit in besit neem.

⁶Gehoorsaam die voorskrifte en lewe daarvolgens, want daaraan sal die ander volke sien dat julle wysheid en insig het. Hulle sal van al hierdie voorskrifte hoor en sê: 'Net hierdie groot nasie het wysheid en insig.'

⁷Watter groot nasie se god is so by hom soos die Here ons God by ons is elke keer as ons tot Hom bid?

⁸Watter groot nasie se voorskrifte en bepalings is so billik as hierdie wet wat ek vandag vir julle gee?

⁹"Pas net op en wees baie versigtig om so lank julle leef, nie hierdie dinge wat julle gesien het, te vergeet of te verontagsaam nie. Julle moet dit alles vir julle kinders en julle kleinkinders inskerp.

¹⁰Julle moet hulle van dié dag laat leer toe julle by Horebberg gestaan het in die teenwoordigheid van die Here julle God, van dié dag toe Hy vir my gesê het: 'Maak die volk vir My bymekaar dat Ek hulle my gebooie wat hulle moet ken, kan meedeel sodat hulle My kan dien so lank hulle in hierdie land lewe en sodat hulle my gebooie vir hulle kinders kan leer.'

¹¹"Julle het toe nader gekom en aan die voet van die berg gaan staan. Die berg het gebrand, die vuur was tot in die hemel, en daar was 'n rookwolk wat dit stikdonker gemaak het.

¹²Toe het die Here uit die vuur uit met julle gepraat. Julle het woorde gehoor maar niemand gesien nie. Daar was net 'n stem.

¹³Die Here het julle die bepalings van sy verbond meegedeel en julle beveel om hulle te gehoorsaam: die tien gebooie wat Hy op die twee plat klippe geskryf het.

¹⁴Die Here het my destyds beveel om julle die voorskrifte en die bepalings te leer sodat julle daarvolgens kan lewe in die land waarheen julle sal deurtrek om dit in besit te gaan neem.

¹⁵Pas op! Die lewe is vir julle op die spel. Die Here self het met julle op Horeb uit die vuur uit gepraat, al het julle dié dag niemand gesien nie.

¹⁶Moenie julle eie ondergang soek deur vir julle 'n afbeelding as afgodsbeeld te maak nie: nie van 'n man of 'n vrou nie,

¹⁷nie van enige dier op die aarde of van enige voël in die lug nie,

¹⁸nie van enigiets wat op die aarde kruip of van enige vis in die waters onder die aarde nie.

¹⁹“Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en te dien nie. Die Here julle God het hulle toegeken aan al die volke op die aarde.

²⁰“Vir julle het die Here gevat en uit die ystersmeltoond, uit Egipte, uitgelei om sy volk te wees wat aan Hom behoort soos dit vandag dan ook die geval is.

²¹Deur julle toedoen het die Here vir my kwaad geword en dit met 'n eed bevestig dat ek nie deur die Jordaan sou gaan en in die goeie land sou kom wat die Here julle God aan julle as besitting sal gee nie.

²²Ek sal in hierdie land sterf. Ek sal nie die Jordaan oorsteek nie, maar julle sal deurtrek en daardie goeie land in besit neem.

²³Wees versigtig om nie die verbond wat die Here julle God met julle gesluit het, te vergeet nie. Pas op om nie vir julle 'n afgodsbeeld te maak nie. Die Here jou God het jou dit verbied.

²⁴Die Here jou God is 'n verterende vuur, Hy eis onverdeelde trou aan Hom.

²⁵“Wanneer julle kinders en kleinkinders het en julle oud geword het in die land, moet julle nie julle eie ondergang soek deur 'n afgodsbeeld te maak nie, want dan doen julle wat verkeerd is in die oë van die Here julle God en tart julle Hom.

²⁶Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat julle dan baie gou en baie beslis sal verdwyn uit die land wat julle in besit gaan neem sodra julle deur die Jordaanrivier trek. Julle sal nie lank in die land bly woon nie, julle sal beslis uitgeroei word.

²⁷Die Here sal julle verstrooi onder die volke, net 'n klein klompie van julle sal oorbly onder die nasies waarheen die Here julle sal lei.

²⁸Dáár sal julle gode dien wat deur mense gemaak is: hout en klip wat nie kan sien of hoor, eet of ruik nie.

²⁹As julle die Here julle God dáár aanroep, sal Hy julle gebed verhoor as julle Hom nader in onverdeelde trou.

³⁰“Wanneer julle in nood verkeer deurdat hierdie dinge in die toekoms oor julle kom, moet julle terugkom na die Here julle God, en sy woord gehoorsaam.

³¹Die Here julle God is 'n genadige God. Hy sal julle nie in die steek laat of om die lewe bring nie. Hy sal nie die verbond vergeet wat Hy met 'n eed aan julle voorvaders bevestig het nie.

³²“Gaan stel ondersoek in na die verre verlede, na die dae lank voor julle tyd, van die tyd af toe God die mens op die aarde geskep het, van die een uiteinde van die hemel af tot by die ander uiteinde, en kyk of iets so magtigs al gebeur het en of so iets al gehoor is.

³³Het 'n volk die stem van sy god uit die vuur uit hoor praat, soos julle die stem van julle God gehoor het, en het hy bly lewe?

³⁴Het 'n god dit ooit gewaag om vir hom 'n nasie te kom vat by 'n ander nasie, en dít met rampe, tekens, wonders, oorlog, magtige daade, wonderlike, groot daade waarvoor mense vreesbevange word? Dit alles het die Here julle God voor julle eie oë in Egipte vir julle gedoen.

³⁵Dit is vir julle gewys dat julle kan besef die Here is God, en dat daar naas Hom nie 'n ander is nie.

³⁶Hy het julle sy stem uit die hemel laat hoor om julle te onderrig en Hy het julle sy groot vuur op die aarde laat sien en julle het sy woorde uit die vuur uit gehoor.

³⁷Omdat die Here julle voorvaders liefgehad het en hulle nageslag uitgekies het, het Hy julle deur sy groot krag in sy teenwoordigheid laat trek uit Egipte uit

³⁸om nasies, groter en sterker as julle, voor julle uit te verdryf en om julle in hulle land in te bring en dit aan julle te gee as julle besitting. En so is dit nou nog.

³⁹“Weet dan nou en neem dit ter harte: die Here is God. In die hemel daarbo en op die aarde hieronder is daar nie nog 'n god nie.

⁴⁰Gehoorsaam sy voorskrifte en sy gebooie wat ek julle vandag beveel, sodat dit goed kan gaan met julle en julle nageslag en julle lank kan woon in die land wat die Here julle God vir altyd aan julle wil gee.”

Drie asielstede oos van die Jordaan

(Vgl. Num. 35:9-14)

⁴¹Toe het Moses drie stede oos van die Jordaan uitgesonder as stede

⁴²waarheen iemand kon vlug as hy 'n ander doodgemaak het sonder voorbedagte rade en sonder dat daar voorheen vyandskap tussen hulle was. As hy dan na een van hierdie stede toe vlug, kon hy bly lewe.

⁴³Die stede was: Beser in die Woestynhoogvlakte vir Ruben, Ramot in Gilead vir Gad, en Golan in Basan vir Manasse.

Die tien gebooe

(Vgl. Eks. 20:1-17)

⁴⁴Dit is die wet wat Moses vir die Israeliete gegee het:

⁴⁵⁻⁴⁶die verordeninge en voorskrifte en bepalings wat Moses aan die oostekant van die Jordaan in die vlakte regoor Bet-Peor vir die Israeliete afgekondig het nadat hulle uit Egipte weggetrek het. Bet-Peor was geleë in die gebied van koning Sihon van die Amoriete wat in Gesbon gewoon het en deur Moses en die Israeliete verslaan is nadat hulle uit Egipte weggetrek het.

⁴⁷Hulle het Sihon se gebied en dié van koning Og van Basan in besit geneem. Sihon en Og was die twee Amoritiese konings aan die oostekant van die Jordaan,

⁴⁸en hulle gebied het gestrek van Aroër op die Arnonoewer af tot by Sionsberg, dit is Hermon,

⁴⁹met insluiting van die oostekant van die Jordaanvallei tot by die see in die Jordaanvallei onderkant die Pisgahange.

Deuteronomium 5

¹Moses het die hele volk bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Israeliete, luister na die voorskrifte en die bepalings wat ek vandag hier in julle teenwoordigheid aankondig. Julle moet dit leer, dit gehoorsaam en daarvolgens lewe.

²Die Here ons God het by Horeb 'n verbond met ons gesluit.

³Dit is nie ons voorvaders met wie Hy hierdie verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe.

⁴Ja, met julle persoonlik het die Here op die berg uit die vuur uit gepraat.

⁵Ek het destyds tussen die Here en julle gestaan om die gebod van die Here aan julle deur te gee, want julle was bang vir die vuur en julle het nie teen die berg uitgeklim nie. “Die Here het gesê:

6“ ‘Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

7Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

8“ ‘Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.

9Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, selfs tot in die derde en vierde geslag van dié wat My haat,

10maar Ek betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van dié wat My liefhet en my gebooie gehoorsaam.

11“ ‘Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal dié een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie.

12“ ‘Jy moet die sabbatdag so deurbring dat jy dit heilig hou, soos die Here jou God jou beveel het.

13Ses dae moet jy werk en alles doen wat jy moet,

14maar die sewende dag is die sabbat van die Here jou God. Dan mag jy geen werk doen nie, nie jy of jou seun of jou dogter of die man of vrou wat vir jou werk, of jou bees of jou donkie of enige dier van jou of die vreemdeling by jou nie, sodat jou werksmense kan rus soos jy.

15Jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was en dat die Here jou God jou deur sy groot krag en met magtige daade daaruit bevry het. Daarom het die Here jou God jou beveel om die sabbatdag te onderhou.

16“ ‘Eer jou vader en jou moeder, soos die Here jou God jou beveel het, dan sal jy 'n lang lewe hê en sal dit goed gaan met jou in die land wat die Here jou God vir jou gee.

17“ ‘Jy mag nie moord pleeg nie.

18“ ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.

19“ ‘Jy mag nie steel nie.

²⁰“ ‘Jy mag nie vals teen 'n ander getuig nie.

²¹“ ‘Jy mag nie iemand anders se vrou begeer nie. Jy mag nie sy huis begeer nie, ook nie sy grond, sy slaaf of slavin, sy bees of donkie, of enigiets anders wat aan hom behoort nie.’

²²“Die Here het by die berg al hierdie gebooie duidelik hoorbaar aan julle hele gemeente gegee, uit die vuur en die stikdonker wolk uit, en toe het Hy stilgebly. Daarna het Hy dit op twee plat klippe geskryf en dit vir my gegee.”

Die volk vra Mósés moet liever met hulle praat

(Vgl. Eks. 20:18-21)

²³“Toe julle die stem uit die donkerte uit gehoor het terwyl die berg gebrand het, het al julle stamhoofde en leiers na my toe gekom

²⁴en gesê: ‘Die Here ons God het ons sy mag en sy grootheid laat sien, en ons het sy stem uit die vuur uit gehoor. Vandag het ons ondervind dat God met mense praat, en hulle bly lewe.

²⁵Maar as ons weer die stem van die Here ons God hoor, sal ons sterf, want hierdie groot vuur sal ons verteer. Waarom moet ons die gevaar loop om te sterf?

²⁶Watter mens het die stem van die lewende God wat uit die vuur uit praat, gehoor soos ons en bly lewe?

²⁷Gaan jy nader en luister na wat die Here ons God sê, dan kan jy alles wat Hy vir jou sê, vir ons vertel en ons sal dit gehoorsaam en daarvolgens lewe.’

²⁸“Toe die Here hoor wat julle vir my sê, het Hy vir my gesê: Ek het gehoor wat hierdie volk vir jou gesê het. Wat hulle gesê het, is goed.

²⁹Mag hulle altyd soveel eerbied vir My hê en al my gebooie gehoorsaam sodat dit altyd goed kan gaan met hulle en hulle nageslag.

³⁰Gaan sê vir hulle hulle moet teruggaan na hulle tente toe.

³¹Maar jy moet hier by My kom staan. Ek wil die hele wet vir jou gee, die voorskrifte en die bepalinge wat jy vir hulle moet leer, en waarvolgens hulle moet lewe in die land wat Ek vir hulle gee om te besit.

³²Julle moet nougeset doen wat die Here julle God julle beveel het. Julle moet nie in enige opsig daarvan afwyk nie.

³³Bly op die pad wat die Here julle God vir julle aangewys het, sodat julle kan bly lewe en voorspoedig kan wees en lank kan woon in die land wat julle in besit sal neem.”

Deuteronomium 6

Jy moet die Here jou God liefhê

¹“Dit is die wet, die voorskrifte en die bepalings, wat die Here julle God my beveel het om vir julle te leer, sodat julle daarvolgens kan lewe in die land wat julle in besit gaan neem.

²“So sal jy die Here jou God jou lewe lank kan dien en gehoorsaam wees aan sy voorskrifte en gebooie wat ek jou gegee het, jy en jou hele nageslag, en dan sal jy 'n lang lewe hê.

³As jy luister, Israel, en as jy gehoorsaam is en lewe volgens my gebooie, sal jy voorspoedig wees en uitermate baie word in die land wat oorloop van melk en heuning. Dit is wat die Here die God van jou voorvaders jou beloof het.

⁴“Luister, Israel, die Here is ons God, Hy is die enigste Here.

⁵Daarom moet jy die Here jou God liefhê met hart en siel, met al jou krag.

⁶“Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly.

⁷Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.

⁸Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees.

⁹Skryf dit op jou deurkosyne en op jou stadspoorte.

¹⁰“Die Here jou God sal jou bring in die land waarvan Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om vir jou groot en mooi stede te gee wat jy nie gebou het nie,

¹¹huise vol voorrade waarvoor jy nie gewerk het nie, putte wat jy nie uitgekap het nie, wingerde en olyfboorde wat jy nie geplant het nie, en jy sal kos in oorvloed hê.

¹²Maar sorg dat jy nie dan die Here vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het nie.

¹³Jy moet die Here jou God eer en dien en net in sy Naam 'n eed aflê.

¹⁴“Jy mag nie ander gode aanhang nie, ook nie gode van die volke in jou omgewing nie,

¹⁵want die Here jou God eis onverdeelde trou aan Hom. Hy is by jou, en as jy ander gode aanhang, sal sy toorn teen jou ontvlam en sal Hy jou van die aarde af wegvee.

¹⁶“Julle mag nie die geduld van die Here julle God op die proef stel soos julle by Massa gedoen het nie.

¹⁷Julle moet die gebooie van die Here julle God, sy verordeninge en sy voorskrifte, wat Hy jou gegee het, stiptelik gehoorsaam.

¹⁸“Doen wat reg is in die oë van die Here, sodat dit goed kan gaan met jou en dat jy die goeie land wat die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het, kan ingaan en in besit neem,

¹⁹dat jy al jou vyande kan verdryf soos die Here belowe het.

²⁰“Wanneer jou seun jou in die toekoms vra: Wat beteken die verordeninge en die voorskrifte en die bepalings wat die Here ons God vir u gegee het?

²¹moet jy hom antwoord: Ons was in Egipte die farao se slawe, en die Here het ons daar deur sy magtige daade bevry

²²toe Hy voor ons oë tekens en groot wonderdade gedoen het en rampe oor Egipte laat kom het, oor die farao en sy hele huis.

²³Maar vir ons het die Here daarvandaan laat wegtrek om ons in hierdie land te bring en dit vir ons te gee soos Hy aan ons voorvaders met 'n eed belowe het.

²⁴Die Here het ons beveel om volgens al hierdie voorskrifte te lewe en om die Here ons God te dien, sodat dit altyd goed kan gaan met ons en sodat ons kan bly lewe soos dit nou die geval is.

²⁵Ons sal die wil van die Here ons God doen as ons hierdie hele wet in sy teenwoordigheid gehoorsaam en daarvolgens lewe soos Hy ons beveel het.”

Deuteronomium 7

Die Here het jou lief, Hy is by jou

¹“Die Here jou God sal jou bring in die land waarheen jy op pad is en wat jy in besit sal neem. Hy sal baie nasies voor jou uit verdryf: Hetiete, Girgasiete, Amoriëte, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete. Wanneer die Here jou God hierdie sewe nasies wat groter en sterker is as jy,

²in jou mag oorgee en jy hulle verslaan, moet jy hulle om die lewe bring as banoffer aan die Here jou God. Jy mag hulle nie jammer kry en 'n verbond met hulle sluit nie.

³Jy mag nie met hulle ondertrou nie: jou dogter mag jy nie aan een van hulle seuns gee nie en vir jou seun mag jy nie een van hulle dogters as vrou vat nie,

⁴want hulle sal jou kinders wegrokkel van die Here af en hulle sal ander gode dien. Dan sal die toorn van die Here teen jou ontvlam en Hy sal jou gou uitdelg.

⁵“Maar wat jy met die nasies moet doen, is dit: breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend, kap hulle gewyde pale in stukkies en verbrand hulle afgodsbeelde.

⁶Jy is 'n volk wat vir die Here jou God afgesonder is. Vir jou het die Here jou God gekies om uit al die volke op die aarde sy eiendomsvolk te wees.

⁷“Die Here het jou nie liefgekry en gekies omdat jy groter was as die ander volke nie, jy was die kleinste van almal.

⁸Omdat die Here jou liefhet en Hy sy belofte nakom wat Hy met 'n eed bekragtig het aan jou voorvaders, het Hy jou deur sy groot krag laat wegtrek en jou bevry uit die plek van slawerny, uit die mag van die farao, die koning van Egipte.

⁹“Weet dan nou: die Here jou God, Hy is God. Hy is die betroubare God wat sy verbond in stand hou en sy troue liefde betoon tot aan die duisendste geslag van hulle wat Hom liefhet en sy gebooie gehoorsaam,

¹⁰maar Hy straf elkeen wat Hom haat, Hy bring hom om, Hy laat nie na om elkeen wat Hom haat, te straf nie.

¹¹Daarom moet jy die gebod, die voorskrifte en die bepalings wat ek jou vandag gegee het, gehoorsaam deur daarvolgens te lewe.

¹²“As jy goed luister na hierdie bepalings en hulle gehoorsaam en daarvolgens lewe, sal die Here jou God sy verbond nakom en sy troue liefde aan jou betoon soos Hy aan jou voorvaders met 'n eed beloof het.

¹³Hy sal jou liefhê, Hy sal jou voorspoedig maak en jou 'n groot volk maak. Hy sal jou nageslag voorspoedig maak en Hy sal jou grond 'n ryk oes laat lewer: volop koring, wyn en olie. Hy sal jou grootvee en jou kleinvee vinnig laat aanteel. Dit alles sal Hy doen in die land wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het om vir jou te gee.

¹⁴Dit sal met jou beter gaan as met al die volke. Nie een van jou mense of jou vee sal onvrugbaar wees nie.

¹⁵Die Here sal elke soort siekte van jou af weghou. Nie een van Egipte se dodelike siektes wat jy maar alte goed ken, sal Hy jou laat tref nie. Hy sal dit jou vyande laat tref.

¹⁶Jy moet al die volke wat deur die Here jou God in jou mag oorgegee word, uitroei. Moenie een van hulle spaar nie en moenie hulle gode dien nie: hulle is valstrikke vir jou.

¹⁷“Jy kan dalk dink: hierdie nasies is sterker as ek. Hoe sal ek hulle kan verdryf?

¹⁸“Moenie vir hulle bang wees nie. Dink net wat die Here jou God met die farao en die hele Egipte gedoen het.

¹⁹Jy het met jou eie oë gesien met watter groot plaes en tekens en wonders, met watter magtige daad en wonderdaad die Here jou God jou bevry het. Hy sal met al die volke vir wie jy bang is, maak soos met Egipte.

²⁰Die Here jou God sal die nasies die skrik op die lyf jaag totdat ook dié wat oorgebly het en vir jou weggekruip het, uitgewis is.

²¹Moenie vir hulle bang wees nie, want die Here jou God is by jou en Hy is 'n groot en magtige God.

²²Hy sal daardie nasies die een na die ander verdryf. Jy sal hulle nie almal sommer dadelik kan uitwis nie, want dan sal die wilde diere vir jou te veel word.

²³Die Here jou God sal die nasies in jou mag oorgee. Hy sal hulle in groot verwarring bring totdat hulle uiteindelik vernietig is.

²⁴Hy sal hulle konings in jou mag gee, en jy sal hulle heeltemal van die aarde af wegvee. Niemand sal jou kan teenstaan nie, jy sal hulle uitdelg.

²⁵Jy moet hulle afgodsbeelde verbrand. Moenie die silwer en goud wat aan die beelde is, begeer en vir jou vat nie. Jy kan daardeur in 'n valstrik trap: die afgodsbeelde is afskuwelike goed in die oë van die Here jou God.

²⁶Moenie so iets afskuweliks in jou huis inbring nie, want dan is jy gedoem om vernietig te word. Jy moet dit verafsku en as afskuwelik beskou; dit moet vernietig word.”

Deuteronomium 8

Moenie die Here vergeet nie

¹“Jy moet elke gebod wat ek jou vandag gee, gehoorsaam en daarvolgens lewe. Dan sal jy bly lewe, baie word, die land ingaan en dit in besit neem soos die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het.

²“Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie.

³Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen om jou te leer dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom.

⁴Jou klere het in die veertig jaar nie verslyt nie, en jou voete het nie geswel nie.

⁵Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.

⁶“Jy moet die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen. Jy moet Hom dien,

⁷want Hy sal jou in 'n goeie land bring: 'n land met waterstrome, met fonteine en riviere wat in valleie en berge ontspring,

⁸'n land met koring en gars, wingerde, vyeboom en granate, 'n land met volop olyfolie en heuning,

⁹'n land sonder armoede, waarin jy genoeg sal eet en niks sal kortkom nie, 'n land waarin daar volop yster in die klippe is en waar jy kan koper delf in die berge.

¹⁰“Telkens wanneer jy genoeg geëet het, moet jy die Here jou God dank vir hierdie goeie land wat Hy aan jou gegee het.

¹¹Sorg dat jy nie die Here jou God vergeet deurdat jy nie gehoorsaam is aan sy gebooie en bepalings en voorskrifte wat ek jou vandag gee nie.

¹²As jy nie gehoorsaam is nie, kan dit gebeur dat jy genoeg eet en mooi huise bou en rustig woon,

¹³dat jou grootvee en jou kleinvee baie word, dat jou silwer en goud vermeerder en jou besittings al hoe meer word,

¹⁴en dat jy dan hoogmoedig word en die Here jou God vergeet wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

¹⁵Dit is Hy wat jou laat trek het deur hierdie groot en gevaarlike woestyn vol giftige slange en skerpioene, dit is Hy wat vir jou water uit die klipharde rots laat vloei het in hierdie dor land sonder water

¹⁶en wat jou in die woestyn manna laat eet het, iets wat jou voorvaders nie geken het nie. Hy het jou laat swaarkry om jou op die proef te stel en om agterna weer aan jou goed te doen.

¹⁷Jy kan dalk dink: my krag en my sterk hande het vir my hierdie rykdom verwerf.

¹⁸Maar jy moet die Here jou God nie vergeet nie, want dit is Hy wat jou die krag gee om die rykdom te verwerf. So hou Hy die verbond in stand wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het. So is dit nou nog.

¹⁹“As jy ooit die Here jou God vergeet en ander gode aanhang en hulle dien en vereer, verklaar ek vandag dat jy beslis tot niet sal gaan.

²⁰Omdat jy dan nie gehoorsaam is aan die woord van die Here jou God nie, sal jy net so omkom soos die nasies vir wie die Here laat omkom het.”

Deuteronomium 9

Jy is 'n hardkoppige volk

¹“Luister, Israel, jy gaan nou deur die Jordaanrivier trek om nasies te gaan verdryf wat groter en sterker is as jy en om groot stede wat met hoë mure versterk is, te gaan verower.

²Jy weet hoe 'n groot en sterk volk die Enakiete is. Jy het gehoor daar word gevra: ‘Wie kan die Enakiete teëstaan?’

³Maar onthou: die Here jou God gaan voor jou uit deur die Jordaan. Hy is 'n verterende vuur. Hy sal die Enakiete oorweldig en aan jou onderwerp. Dan sal jy hulle kan verslaan en hulle gou uitwis soos die Here jou beloof het.

⁴“Wanneer die Here jou God hulle verdryf het, moet jy nie sê: ‘Die Here het my hierdie land in besit laat neem omdat ek volmaak is’ nie, want die Here het hierdie nasies verdryf omdat hulle so goddeloos is.

⁵Dit is nie omdat jy volmaak en opreg is dat jy sal ingaan om hulle land in besit te neem nie. Omdat hierdie nasies so goddeloos is, sal die Here jou God hulle verdryf, en so sal Hy die belofte vervul wat Hy met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob gemaak het.

⁶Jy moet goed onthou dat die Here jou God nie hierdie goeie land vir jou gee om in besit te neem omdat jy volmaak is nie. Jy is 'n hardkoppige volk.”

Die sondes van die volk

(Vgl. Eks. 32:1-35)

⁷“Moenie vergeet hoe julle die Here julle God kwaad gemaak het in die woestyn nie. Vandat julle uit Egipte weggetrek het totdat julle hier op hierdie plek aangekom het, was julle die hele tyd in opstand teen die Here.

⁸By Horeb het julle gemaak dat die toorn van die Here ontvlam, en Hy het so kwaad geword vir julle dat Hy julle wou uitroei.

⁹Ek het teen die berg uitgeklim om die plat klippe te gaan ontvang, die plat klippe waarop die Here die bepalings van sy verbond met julle geskryf het. Ek het veertig dae en veertig nagte lank daar gebly en niks geëet of gedrink nie.

¹⁰Die Here het vir my die twee plat klippe gegee waarop met sy eie vinger al die woorde geskryf was wat Hy op die berg uit die vuur uit met julle gepraat het, die dag met die vergadering.

¹¹Dit was aan die einde van die veertig dae en die veertig nagte dat die Here die twee plat klippe, die plat klippe met die verbondsbepalings daarop, vir my gegee het.

¹²“Toe het die Here vir my gesê: ‘Gaan gou ondertoe, want jou volk wat jy uit Egipte laat trek het, het afvallig geword. Hulle het baie gou weggedraai van die koers af wat Ek vir hulle aangewys het, en hulle het vir hulle 'n afgodsbeeld gegiet.’

¹³“Die Here het verder vir my gesê: ‘Ek het gesien dat dit 'n hardkoppige volk is hierdie.

¹⁴Jy moet My nie probeer keer nie. Ek wil hulle uitwis en hulle naam van die aarde af wegvee. Dan sal Ek jou 'n sterk nasie maak, groter as hulle.'

¹⁵“Toe het ek omgedraai en terwyl die berg gebrand het, het ek afgegaan met die twee klippe van die verbond in my hande.

¹⁶Ek het gesien hoe julle teen die Here julle God gesondig het deurdat julle vir julle 'n beeld in die vorm van 'n bulkalf gemaak het. Julle het baie gou weggedraai van die koers af wat die Here vir julle aangewys het.

¹⁷Ek het die twee plat klippe wat ek in my hande gehad het, flenters gegooi in julle teenwoordigheid.

¹⁸Daarna het ek, soos die eerste keer, veertig dae en veertig nagte lank voor die Here gelê en gebid. Ek het niks geëet en gedrink nie oor die groot sonde wat julle gedoen het. Julle het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en Hom uitgetart.

¹⁹Ek was bang, want die toorn, die gramskap van die Here, het so teen julle ontvlam dat Hy julle wou uitroei. Maar ook hierdie keer het die Here na my geluister.

²⁰“Die Here was so kwaad vir Aäron dat die Here hom om die lewe wou bring, maar ek het destyds ook vir hom gebid.

²¹Ek het daardie gruwelike ding, die kalf wat julle gemaak het, gevat en in die vuur gegooi. Toe het ek dit stukkend geslaan en dit so fyn soos stof gemaal en dit in die spruit gegooi wat van die berg af kom.

²²“Julle het die Here ook nog by Tabera, by Massa en by Kibrot-Taäwa kwaad gemaak.

²³“Toe die Here julle van Kades-Barnea af weggestuur het, het Hy gesê: ‘Trek op en neem die land wat Ek vir julle gegee het, in besit.’ Maar julle het in opstand gekom teen die bevel van die Here julle God. Julle het nie op Hom vertrou nie en Hom nie gehoorsaam nie.

²⁴Vandat ek julle leer ken het, was julle in opstand teen die Here.

²⁵“Ek het die veertig dae en veertig nagte voor die Here gelê en gebid, want Hy wou julle vernietig.

²⁶Ek het tot Hom gebid: Here my God, moet tog nie u volk vernietig nie. Hy is u eiendom, U het hom gered toe U hom deur u groot mag en met kragtige dade uit Egipte laat wegtrek het.

²⁷Onthou tog u dienaars Abraham, Isak en Jakob. Moenie aandag gee aan die hardkoppigheid van hierdie volk nie, aan hulle opstandigheid en hulle sonde nie.

²⁸Waarom moet die mense van die land waaruit U ons laat trek het, sê: ‘Omdat die Here nie die Israeliete kon bring in die land wat Hy hulle beloof het nie en omdat Hy hulle haat, het Hy hulle laat wegtrek om hulle in die woestyn om die lewe te bring?’

²⁹Hulle is tog u volk, u eiendom wat U deur u groot mag en met kragtige dade laat wegtrek het! ”

Deuteronomium 10

Die tien gebooie word weer opgeskryf

(Vgl. Eks. 34:1-10)

¹“Destyds het die Here vir my gesê: ‘Kap vir jou twee plat klippe soos die voriges en klim die berg uit na My toe. Maak ook 'n ark van hout.

²Ek sal op die klippe die gebooie skryf wat op die voriges was wat jy stukkend gegooi het. Dan moet jy die twee plat klippe in die ark sit.’

³“Ek het die ark van doringhout gemaak en ek het twee plat klippe soos die voriges gekap. Toe het ek teen die berg uitgeklim met die twee plat klippe in my hand.

⁴Die Here het in dieselfde skrif as tevore die tien gebooie geskryf wat Hy op die berg, die dag toe die volk bymekaargekom het, uit die vuur uit vir julle gegee het. Daarna het Hy die twee plat klippe vir my gegee.

⁵Toe het ek van die berg af gekom en soos die Here my beveel het, het ek die plat klippe in die ark gesit wat ek gemaak het. Hulle is nog daar.”

Die Leviete moet die ark dra

⁶“Die Israeliete het weggetrek van die putte van Bene-Jaäkan af na Moserot toe. Daar is Aäron oorlede, en daar is hy begrawe. Sy seun Eleasar het toe in sy plek priester geword.

⁷Van daar af het hulle na Gor-Gidgad toe getrek en van daar af na Jotbata toe, 'n waterryke gebied.

⁸Destyds het die Here die Levistam afgesonder om die verbondsark van die Here te dra, om in sy teenwoordigheid diens te doen en sy dienaars te wees, en om die volk in die Naam van die Here te seën. En so is dit vandag nog.

⁹Daarom het die Leviete nie 'n eie grondgebied tussen hulle volksgenote gekry nie, want Levi ontvang van wat die Here self toekom, soos die Here jou God hom beloof het.”

Die Here is God, dien Hom

¹⁰Moses het verder gesê: “Soos die eerste keer het ek veertig dae en nagte op die berg gebly. Ook hierdie keer het die Here na my geluister. Hy wou jou nie meer uitroei nie.

¹¹Toe het Hy vir my gesê: ‘Jy moet die volk laat wegtrek en hulle lei sodat hulle die land kan binnegaan en in besit neem. Dit is die land wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee.’

¹²“En nou, Israel, die Here jou God vra net dat jy Hom moet eer, sy wil moet gehoorsaam, Hom moet liefhê en dien met hart en siel.

¹³Gehoorsaam die gebooie en voorskrifte wat die Here jou vandag deur my gee. Dit sal tot jou voordeel wees.

¹⁴Die hemel, selfs die hoogste hemel, behoort aan die Here jou God, ook die aarde en alles daarop.

¹⁵En tog het Hy sy liefde net aan jou voorvaders betoon en vir julle, hulle nageslag, uit al die volke uitgekies. Dit is nou nog so.

¹⁶“Wy jou aan Hom en moenie hardkoppig wees nie.

¹⁷Die Here jou God, Hy alleen is God, die Here: die groot God, die magtige, wat wonderdade doen, wat vir niemand partydig is nie en ook nie omkoopgeld aanneem nie.

¹⁸“Hy laat reg geskied aan die weeskind en die weduwee. Hy het die vreemdeling lief en gee vir hom kos en klere.

¹⁹Jy moet ook die vreemdelinge liefhê, want jy was self 'n vreemdeling in Egipte.

²⁰Jy moet die Here jou God eer, Hom dien en aanhang, en wanneer jy 'n eed aflê, moet jy dit in sy Naam doen.

²¹Jy moet Hom prys, want Hy is jou God en Hy het al hierdie magtige wonderdade wat jy met jou eie oë gesien het, vir jou gedoen.

²²Toe jou voorvaders Egipte toe is, was hulle net sewentig; maar nou het die Here jou God jou so baie gemaak soos die sterre in die lug.”

Deuteronomium 11

Julle moet die Here liefhê en gehoorsaam

¹“Julle moet die Here julle God liefhê en altyd sy opdragte gehoorsaam: al sy voorskrifte en bepalings en gebooie.

²Vandag weet julle hoe die Here julle onderrig het, want julle, en nie julle kinders nie, het dit beleef en gesien: sy grootheid, sy magtige daade, sy wonderdade,

³sy tekens, alles wat Hy in Egipte gedoen het met die farao, koning van Egipte, en sy hele land.

⁴Julle het beleef wat Hy gedoen het met die leer van Egipte, sy perde en sy strydwaens wat die Here deur die water van die Rietsee laat verswelg het toe hulle julle agtervolg het. Die Here het hulle mag so gebreek dat hulle nou nog nie herstel het nie.

⁵“Julle het self beleef wat Hy vir julle gedoen het in die woestyn en totdat julle tot hier gekom het,

⁶wat Hy gedoen het met Datan en Abiram, seuns van Eliab seun van Ruben, toe die aarde oopgeskeur het en hulle en hulle familie en hulle eiendom, selfs al hulle vee ingesluk het voor die oë van al die Israeliete.

⁷Met julle eie oë het julle al hierdie groot dade gesien wat die Here gedoen het.

⁸“Julle moet alles gehoorsaam wat ek julle vandag beveel, sodat julle sterk kan optree en die land wat julle gaan verower, kan binnegaan en in besit neem.

⁹As julle gehoorsaam is, sal julle baie lank bly woon in die land wat die Here met 'n eed beloof het om aan julle voorvaders en hulle nageslag te gee. Dit is 'n land wat oorloop van melk en heuning.

¹⁰Die land wat julle in besit gaan neem, is nie soos Egipte waar julle vandaan kom nie, waar julle julle saad gesaai het en wat julle dan met baie moeite natgelei het asof dit 'n groentetuin is.

¹¹Die land wat julle in besit gaan neem, is 'n land met berge en vlaktes en word nat gemaak met reënwater.

¹²Dit is 'n land waarvoor die Here jou God sorg: van nuwejaarsdag af tot oujaarsdag toe hou Hy ononderbroke sy oog daaroor.

¹³“As julle al die gebooie wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam en die Here julle God liefhet en dien met hart en siel,

¹⁴sal Hy vir julle land sy reën gee op die regte tyd, lente- en somerreëns, en julle sal koring, wyn en olie oes.

¹⁵Die Here sal sorg vir groen gras op julle veld vir julle vee, en julle sal oorgenoeg hê om te eet.

¹⁶“Pas op dat julle nie verlei word om ander gode te gaan dien en vereer nie,

¹⁷want dan sal die toorn van die Here teen julle ontvlam, en Hy sal dit nie laat reën nie, die aarde sal nie meer sy opbrengs lewer nie, en julle sal baie gou verdwyn uit die goeie land wat die Here aan julle gee.

¹⁸Hierdie woorde van die Here moet julle lewe vul. Julle moet dit as herinneringsteken vasbind aan julle hande en dit moet 'n merk op julle voorkoppe wees.

¹⁹“Leer dit vir jou kinders deur met hulle daaroor te praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan.

²⁰Skryf dit op jou deurkowsyne en op jou stadspoorte.

²¹Dan sal julle en julle nageslag lank, ja, so lank as die hemel en die aarde sal bestaan, bly woon in die land wat die Here met 'n eed beloof het om aan julle voorvaders te gee.

²²“As julle al hierdie gebooe wat ek julle vandag gee, stiptelik gehoorsaam deur daarvolgens te lewe en die Here julle God lief te hê, sy wil te doen en Hom aan te hang,

²³sal Hy al hierdie nasies verdryf, en dan sal julle die grondgebied van nasies wat groter en sterker is as julle, in besit neem.

²⁴Elke plek waar julle kom, sal julle s'n wees: van die woestyn in die suide af tot by Libanonberg in die noorde, van die rivier, die Eufraatrivier, in die ooste af tot by die see in die weste. Dit sal julle grense wees.

²⁵Niemand sal teen julle kan bly staan nie. Soos die Here beloof het, sal Hy orals waar julle gaan, 'n skrik en angs vir julle oor die land laat kom.

²⁶Let op, ek hou julle vandag die seën en die straf voor:

²⁷die seën sal kom as julle die gebooe van die Here julle God gehoorsaam, wat ek julle vandag gee;

²⁸die straf sal kom as julle ongehoorsaam is aan die gebooe van die Here julle God en die pad verlaat wat ek julle vandag aangewys het en ander gode aanhang waarvan julle nou nog nie eers weet nie.

²⁹Wanneer die Here julle God julle bring in die land wat julle in besit gaan neem, moet julle die seën afkondig op Gerisimberg en die straf op Ebalberg.

³⁰Die twee berge lê wes van die Jordaan, anderkant die pad uit die ooste, die pad uit die gebied van die Jordaanvallei, waar die Kanaäniete woon, regoor Gilgal, naby die waarsêersboom.

³¹“Julle staan op die punt om deur die Jordaan te trek om die land in besit te neem wat die Here julle God aan julle gee. Wanneer julle dit in besit geneem het en daar woon,

³²moet julle al die voorskrifte en die bepalings wat ek julle vandag gegee het, gehoorsaam en daarvolgens lewe.”

Deuteronomium 12

Net een plek van aanbidding

¹“Hier volg voorskrifte en bepalings waaraan julle julle lewe lank gehoorsaam moet wees en waarvolgens julle hier op aarde moet lewe in die land wat die Here die God van julle voorvaders aan julle gegee het om in besit te neem.

²“Vernietig elke plek waar die nasies vir wie julle gaan verdryf, hulle gode gedien het: op hoë berge, op heuwels en onder elke groen boom.

³Breek hulle altare af, breek hulle klippilare stukkend, verbrand hulle gewyde pale, vernietig hulle afgodsbeelde en verwyder elke teken van hulle bestaan uit die land uit.

⁴Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop ander nasies hulle gode dien nie.

⁵Julle moet na die wil van God gaan vra op die plek wat die Here julle God sal kies uit al julle stamgebiede om sy Naam daar te vestig en daar te woon. Daarheen moet julle gaan

⁶en julle brandoffers en ander offers bring, ook julle tiendes en ander bydraes, julle gelofteoffers en vrywillige offers, die eersteling van julle groot- en kleinvee.

⁷Daar in die teenwoordigheid van die Here julle God moet julle en julle families saam eet en bly wees oor alles wat julle reggekry het deurdat die Here julle God julle voorspoedig gemaak het.

- ⁸Moenie doen soos ons nou hier doen deurdat elkeen aanbid waar hy wil nie,
- ⁹want julle het nog nie gekom by die rusplek, die besitting wat die Here julle God vir julle sal gee nie.
- ¹⁰Maar julle sal deur die Jordaan trek en gaan woon in die land wat die Here julle God julle sal laat besit en daar sal julle rus hê van al julle vyande in die omgewing en daar sal julle veilig woon.
- ¹¹Daar is die plek wat die Here julle God sal kies om sy Naam daar te laat woon en daarheen moet julle al die offers bring soos ek julle beveel het: julle brandoffers en ander offers, julle tiendes en ander bydraes, en al die gelofteoffers wat julle aan die Here beloof het.
- ¹²Daar moet julle en julle kinders en julle slawe en slavinne daarvan geniet in die teenwoordigheid van die Here julle God, ook die Leviëte wat by julle woon, want hulle het nie 'n deel van die land as besitting saam met julle gekry nie.
- ¹³“Moenie julle brandoffers sommer op enige plek offer wat vir julle goed lyk nie.
- ¹⁴Julle mag dit net offer op die plek wat die Here sal kies in die gebied van een van die stamme. Daar moet julle julle brandoffers offer en daar moet julle alles doen wat ek julle beveel het.
- ¹⁵Vir kos mag julle egter op enige plek waar julle woon 'n dier slag en die vleis eet wat die Here julle God vir julle gee deurdat Hy julle voorspoedig maak. Of 'n persoon rein of onrein is, hy mag daarvan eet, ook van 'n ribbok of 'n takbok.
- ¹⁶Julle mag egter nie die bloed eet nie. Julle moet dit op die grond uitgooi asof dit water is.
- ¹⁷“In die plekke waar julle woon, mag julle ook nie die tiende van julle koring of wyn of olie eet nie, ook nie die eersteling van julle grootvee of kleinvee nie, en ook nie iets wat julle aan die Here beloof het of enige vrywillige offer of ander bydrae aan die Here nie.

¹⁸Dit mag julle net in die teenwoordigheid van die Here julle God eet op die plek wat Hy gekies het. Eet dit, saam met julle seuns en dogters, julle slawe en slavinne en die Leviete wat by julle woon. In die teenwoordigheid van die Here julle God moet julle bly wees oor alles wat Hy julle laat regkry het.

¹⁹So lank as julle in julle land woon, mag julle nie die Leviet afskeep nie.

²⁰“Wanneer die Here julle God julle grondgebied uitbrei, soos Hy julle beloof het, en julle besluit om vleis te eet omdat julle lus is daarvoor, mag julle dit in enige plek eet waar julle woon.

²¹Wanneer die plek wat die Here julle God sal kies om sy Naam daar te vestig, ver van julle af is, kan julle van die grootvee of die kleinvee wat die Here vir julle gegee het, slag soos ek julle beveel het en julle kan dit na hartelus geniet in die plek waar julle woon,

²²en soos in die geval van 'n ribbok of 'n takbok mag almal, rein en onrein, daarvan eet.

²³Julle moet net sorg dat julle nie die bloed eet nie, want die lewe van 'n dier is in sy bloed, en julle mag nie die lewe saam met die vleis eet nie.

²⁴Julle mag die bloed nie eet nie. Julle moet dit op die grond uitgooi asof dit water is.

²⁵As julle dit nie eet nie, doen julle wat reg is in die oë van die Here, en dan sal dit goed gaan met julle en julle nageslag.

²⁶Alle gewyde gawes wat julle by julle het en alles wat julle met 'n gelofte aan die Here beloof het, moet julle bring na die plek toe wat die Here sal kies.

²⁷Julle moet julle brandoffers, die vleis en die bloed daarvan, op die altaar van die Here julle God neersit. Die bloed van julle ander offers moet julle teen die altaar van die Here julle God uitgooi en dan mag julle die vleis eet.

²⁸Julle moet al die gebooie wat ek julle gegee het, gehoorsaam en dan sal dit vir altyd goed gaan met julle en julle nageslag, want dan doen julle wat goed en reg is in die oë van die Here julle God.

²⁹“Die Here julle God sal die nasies verslaan na wie toe julle op pad is om hulle te verdryf. As julle hulle oorwin het en in hulle land woon,

³⁰moet julle sorg dat julle nie, selfs nadat hulle deur julle verslaan is, deur hulle in 'n valstrik gelei word wanneer julle na hulle gode sou begin uitvra nie. Moenie sê: ‘Hoe vereer hierdie nasies hulle gode? Ek sou dit ook so wou doen’ nie.

³¹Julle mag nie die Here julle God dien op die manier waarop hulle hulle gode dien nie, want wat hierdie nasies doen, is afskuwelik vir die Here: hulle verbrand selfs hulle seuns en dogters vir hulle gode. Die Here haat dit alles.

³²“Elke gebod wat ek julle beveel het, moet julle gehoorsaam en daarvolgens moet julle lewe; julle mag daar niks bysit en niks daarvan wegvat nie.”

Deuteronomium 13

Moenie afgode dien nie

¹“Wanneer 'n profeet of iemand wat drome uitleê by jou kom en vir jou vertel van 'n teken of 'n wonder,

²en die teken kom uit of die wonder vind plaas soos hy gesê het, en hy dan op grond daarvan vir jou sê: ‘Kom ons gaan dien ander gode al het jy hulle nie vroeër geken nie, al het ons hulle nie vroeër gedien nie,’

³moet jy nie na hom luister nie. Die Here jou God stel jou net op die proef om vas te stel of jy Hom liefhet met hart en siel.

⁴Jy moet getrou bly aan die Here jou God en Hom eer, jy moet sy gebooie gehoorsaam en na sy bevel luister, jy moet Hom dien en aanhang.

⁵Daardie profeet of droomuitleêr moet doodgemaak word, want hy het jou aangehits om in opstand te kom teen die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het en jou bevry het uit die plek van slawerny. Daardie man wil jou laat optree in stryd met die wil van die Here jou God wat Hy aan jou geopenbaar het. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

⁶“Dit kan gebeur dat jou broer, jou ma se seun, of jou seun of jou dogter of jou eie vrou of jou boesemvriend jou in die geheim wil verlei en vir jou sê: ‘Kom

ons gaan dien ander gode.’ Dit kan gode wees wat jy en jou voorvaders nie geken het nie,

⁷gode van die volke in jou omgewing, gode wat naby is of ver, gode in die een uithoek van die land of in die ander uithoek.

⁸Dan mag jy nie voor hom swig en na hom luister nie. Jy mag hom nie jammer kry nie. Moet hom nie verskoon en wegsteek nie.

⁹Jy moet hom sonder meer doodmaak. Jy moet daarmee begin en dan moet die volk jou daarin bystaan.

¹⁰Jy moet hom met klippe doodgooi, want hy wou jou verlei om ontrou te word aan die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

¹¹“Die hele Israel moet dit hoor en bang word sodat so 'n verkeerde ding nie weer onder julle gedoen word nie.

¹²⁻¹³“Wanneer jy hoor dat kwaadstokers gekom het in een van die stede wat die Here jou God vir jou sal gee om in te woon, en hulle sy inwoners verlei het deur hulle aan te spoor om vreemde gode te dien waarvan julle nie geweet het nie,

¹⁴moet jy die saak deeglik ondersoek en haarfyn daarna uitvra. As die gerug waar is en die afskuwelike daad wel tussen julle plaasgevind het,

¹⁵moet jy die inwoners van daardie stad sonder meer doodmaak. Die stad met alles daarin, selfs sy vee, moet as banoffer vernietig word.

¹⁶Jy moet alles in die stad op die stadsplein bymekaarmaak en saam met die stad geheel en al verbrand as 'n offer aan die Here jou God. Die stad moet vir altyd 'n puinhoop bly. Dit mag nie weer herbou word nie.

¹⁷Niks van wat as banoffer bestem is, mag deur jou gevat word nie, sodat die toorn van die Here nie verder ontvlam nie en Hy jou genadig kan wees. Dan sal jy weer baie word soos die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het,

¹⁸want dan luister jy na die Here jou God en gehoorsaam jy al sy gebooie wat ek jou vandag gee, deurdat jy doen wat reg is in die oë van die Here jou God.”

Deuteronomium 14

Rein en onrein kos

(Vgl. Lev. 11:1-47)

- 1**“Julle is kinders van die Here julle God. Julle mag julle nie stukkend kerf of die hare voor op julle kop afskeer as julle oor 'n afgestorwene treur nie.
- 2**Julle is 'n volk wat aan die Here julle God gewy is. Hy het julle uit al die volke op die aarde uitgekies om sy eiendomsvolk te wees.
- 3**“Julle mag niks eet wat afstootlik is nie.
- 4**Die diere waarvan julle mag eet, is: bees, skaap, bok,
- 5**takbok, ribbok, hartbees, klipbok, eland, gemsbok, springbok,
- 6**al dié wat volledig gesplete kloue het en herkou.
- 7**Maar dié wat net herkou of net volledig gesplete kloue het, mag julle nie eet nie: die kameel, die haas, die dassie. Hulle herkou maar het nie gesplete kloue nie: hulle is vir julle onrein.
- 8**Dit geld ook van die vark: hy het wel gesplete kloue maar hy herkou nie. Hy is vir julle onrein. Julle mag nie die vleis van hierdie diere eet of selfs aan hulle karkasse raak nie.
- 9**“In die geval van waterdiere mag julle alles eet wat vinne en skubbe het.
- 10**Maar julle mag nie dié eet wat nie vinne en skubbe het nie: hulle is vir julle onrein.
- 11**“Julle mag alle rein voëls eet.
- 12**Die volgende mag egter nie geëet word nie: arende, lammervangers en visarende;
- 13**swartaasvoëls, valke en al die roofvoëlsoorte;
- 14**al die kraaisoorte;
- 15**volstruise, nagvalke, seemeue en alle soorte roofvoëls;
- 16**uile, ibisse en flaminke;

¹⁷pelikane, swane en visvangers;

¹⁸ooievaars en al die reiersoorte; hoep-hoepe en vlermuise.

¹⁹“Alle insekte wat vlerke het, is vir julle onrein. Hulle mag nie geëet word nie.

²⁰Julle mag net rein voëls eet.

²¹“Julle mag nie 'n dier wat gevrek het, eet nie. Gee dit vir die vreemdeling wat by julle bly, en hy kan dit eet, of verkoop dit aan 'n uitlander. Julle is 'n gewyde volk, julle behoort aan die Here julle God. “Julle mag nie 'n boklam in sy ma se melk kook nie.”

Die tiende

²²“Jy moet elke jaar 'n tiende van die opbrengs van jou gesaaides, van wat op jou land groei, opsy sit:

²³jy moet dit in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te laat woon. Jy moet die tiende opsy sit van jou koring, jou wyn en jou olie en dan ook nog die eersteling van jou grootvee en jou kleinvee, sodat jy kan leer om die Here jou God altyd deur te eer.

²⁴Maar as die Here jou God jou baie voorspoedig maak en die plek wat Hy sal kies om sy Naam daar te vestig boonop nog ver van jou af is, sodat jy nie die tiende die hele ent pad kan dra nie,

²⁵kan jy die tiende in geld omsit. Jy moet dan die geld vat en na die plek toe gaan wat die Here jou God vir Hom gekies het.

²⁶Daar moet jy met die geld koop net wat jy wil: bees, skaap, wyn, bier, of enigiets anders wat jy wil hê. Dan moet jy en jou familie dit daar in die teenwoordigheid van die Here jou God eet en bly wees.

²⁷Moenie die Leviete wat in jou omgewing woon, vergeet nie, want hulle het nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry nie.

²⁸“Om die drie jaar moet jy die volle tiende van daardie jaar se opbrengs in jou dorpe gaan wegpak.

²⁹Dan kan die Leviete wat nie 'n eie grondgebied as besitting saam met jou gekry het nie, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees in jou omgewing genoeg eet. As jy dit doen, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak.”

Deuteronomium 15

Om die sewe jaar moet jy skuld afskryf

(Vgl. Lev. 25:1-7)

¹“Aan die einde van elke sewende jaar moet jy skuld afskryf.

²Dit moet so gedoen word: elkeen aan wie 'n mede-Israeliet iets skuld, moet dit vir hom afskryf. 'n Skuldeiser mag nie sy mede-Israeliet, sy broer, dwing om hom te betaal nie, want dit is die jaar waarin die Here afskrywing van skuld beveel.

³Jy mag wel 'n nie-Israeliet dwing om sy skuld te betaal, maar as 'n mede-Israeliet jou iets skuld, moet jy dit vir hom afskryf.

⁴⁻⁵As jy maar net luister na die Here jou God en gehoorsaam is aan al hierdie gebooie wat ek jou vandag gee en daarvolgens lewe, sal daar nie 'n arme onder jou wees nie, want die Here sal jou baie voorspoedig maak in die land wat Hy jou gee om as jou eie te besit.

⁶Die Here jou God sal jou voorspoedig maak soos Hy beloof het, en jy sal aan baie nasies kan uitleen sonder dat jy self hoef te leen. Jy sal oor baie nasies heers, maar oor jou sal hulle nie heers nie.

⁷“As daar in een van die dorpe in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n arme is, 'n mede-Israeliet, moet jy nie hard en suinig wees teenoor so 'n broer van jou wat arm is nie.

⁸Wees vrygewig teenoor hom en leen hom wat hy nodig het.

⁹Moenie sondige gedagtes herberg en dink dit is nie goed om jou broer wat arm is te help nie omdat die sewende jaar, die jaar van afskrywing, op hande is nie. Hy mag hom teen jou op die Here beroep, en jy sal skuldig staan.

¹⁰Gee vryelik aan jou broer wat arm is, en moenie sleg voel omdat jy vir hom gegee het nie, want juis omdat jy vir hom gee, sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy doen en aanpak.

¹¹Daar sal altyd armes in jou land wees, en daarom het ek jou beveel om vrygewig te wees teenoor jou mede-Israeliet wat in nood is en arm is.”

Oor slawe
(Vgl. Eks. 21:1-11)

¹²“Wanneer 'n mede-Israeliet, 'n Hebreër soos jy, 'n man of 'n vrou, aan jou verkoop word, en hy werk ses jaar vir jou, moet jy hom in die sewende jaar vrylaat.

¹³Maar wanneer jy hom vrylaat, moet jy hom nie met leë hande laat gaan nie.

¹⁴Gee hom 'n behoorlike deel van jou kleinvee, van die graan op jou dorsvloer en van jou parskuip. Van alles waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het, moet jy vir hom gee.

¹⁵Jy moet onthou jy was self 'n slaaf in Egipte en die Here jou God het jou bevry. Dit is daarom dat ek jou vandag hierdie bevel gee.

¹⁶“Maar as dit sou gebeur dat jou slaaf vir jou sê: ‘Ek wil nie van u af weggaan nie, want ek het u en u familie lief,’ omdat hy dit goed by jou het,

¹⁷moet jy 'n els vat en dit deur sy oor steek teen die deur. Dan is hy vir altyd jou slaaf. Met 'n slavin moet jy dieselfde doen.

¹⁸Moenie dink 'n ramp het jou getref as jy jou slaaf vrylaat nie, want in die ses jaar het hy jou dubbel die loon van 'n huurling gespaar. Die Here jou God sal jou voorspoedig maak in alles wat jy doen.”

Elke eersteling moet aan die Here gewy word

¹⁹“Jy moet elke manlike eersteling wat daar onder jou grootvee en jou kleinvee gebore word, aan die Here jou God wy. Jy mag nie die eersteling van jou grootvee laat werk nie, en die eersteling van jou kleinvee mag jy nie skeer nie.

²⁰Jy en jou familie moet dit elke jaar in die teenwoordigheid van die Here jou God eet op die plek wat Hy gekies het.

²¹Maar as die eersteling 'n liggaamsgebrek het, as hy lam of blind is of enige ander liggaamsgebrek het, mag jy hom nie as offer vir die Here jou God bring nie.

²²Jy moet dit dan in jou woonplek eet en enigiemand, rein of onrein, mag daarvan eet asof dit 'n ribbok of 'n takbok is.

²³Maar jy mag nie die bloed daarvan eet nie; gooi dit op die grond uit asof dit water is.”

Deuteronomium 16

Die paasfees

(Vgl. Eks. 12:1-20)

¹“Onthou die maand Abib en vier die paasfees tot eer van die Here jou God. Dit was 'n nag in die maand Abib dat die Here jou God jou uit Egipte laat trek het.

²Op die plek wat die Here sal kies om sy Naam daar te laat woon, moet jy uit jou kleinvee of jou grootvee die paasoffer vir die Here jou God bring.

³Jy mag nie brood met suurdeeg in eet nie, maar sewe dae lank moet jy ongesuurde brood eet. Dit is brood wat herinner aan jou swaarkry, en jy moet jou lewe lank dink aan die dag waarop jy uit Egipte weg is: hoe jy haastig daar weg is.

⁴Sewe dae lank mag daar in jou hele gebied geen suurdeeg wees nie. Daar mag nie van die vleis wat jy op die eerste aand offer, tot die volgende môre toe oorbly nie.

⁵Jy mag nie die paasoffer bring in enige van die woonplekke wat die Here jou God vir jou gee nie.

⁶Jy mag dit net bring in die plek wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon. Daar moet jy die paasoffer bring in die aand, teen sononder, want julle het in die aand uit Egipte uit weggetrek.

⁷Braai en eet dit in die plek wat die Here jou God sal kies. Gaan dan die volgende môre terug huis toe.

⁸Ses dae moet jy dan nog ongesuurde brood eet, en op die sewende dag moet julle tot eer van die Here jou God saamkom. Op hierdie dag mag jy geen werk doen nie.”

Die fees van die weke

(Vgl. Lev. 23:15-21)

⁹“Jy moet sewe weke bereken van die dag af dat jy jou graan begin oes.

¹⁰Vier die fees van die weke tot eer van die Here jou God. In die mate waarin die Here jou God jou met voorspoed geseën het, moet jy 'n vrywillige offer vir Hom bring.

¹¹In die plek wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon, moet jy bly wees in die teenwoordigheid van die Here jou God, jy en jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, die Leviete wat in jou omgewing woon, die vreemdelinge, die weeskinders en die weduwees by jou.

¹²Jy moet altyd onthou dat jy 'n slaaf was in Egipte. Onderhou al hierdie voorskrifte en leef daarvolgens.”

Die huttefees

(Vgl. Lev. 23:33-43)

¹³“Jy moet die huttefees sewe dae lank vier nadat jy jou oes van die dorsvloer en die parskuip af ingery het.

¹⁴Jy moet bly wees op hierdie fees, jy en jou seuns en dogters, jou slawe en slavinne, al die Leviete, vreemdelinge, weeskinders en weduwees van jou omgewing.

¹⁵In die plek wat die Here jou God sal kies, moet jy sewe dae lank tot sy eer feesvier, omdat die Here jou God jou met 'n goeie oes geseën het en alles wat jy aangepak het, voorspoedig gemaak het. Daarom moet jy bly wees.

¹⁶“Drie keer elke jaar moet al jou mans in die plek wat die Here jou God sal kies, in sy teenwoordigheid verskyn: op die fees van die ongesuurde brood, die fees van die weke en die huttefees. Die volk mag nie sonder offers in die teenwoordigheid van die Here verskyn nie.

¹⁷Elkeen moet 'n geskenk bring in die mate waarin die Here jou God jou voorspoedig gemaak het.”

Jy moet alleen laat geld wat reg is

¹⁸“In elke dorp wat die Here jou God vir jou gee, moet jy regters en amptenare aanstel. Hulle moet die volk billik regeer.

¹⁹Jy moet die regspraak sy loop laat neem en vir niemand partydig wees nie. Wanneer jy regspraak, mag jy geen omkoopgeskenk aanneem nie, want dit maak dié wat van beter moet weet, blind en laat die saak van die onskuldige skeef loop.

²⁰Jy moet alleen laat geld wat reg is. Dan sal jy bly lewe en die land wat die Here jou God vir jou gee, in besit neem.”

Moenie ander gode dien nie

²¹“Jy mag nie 'n gewyde paal inplant langs die altaar wat jy vir die Here jou God gebou het nie.

²²Jy mag ook nie vir jou 'n klippilaar oprig nie, want die Here jou God haat sulke goed.

Deuteronomium 17

¹“Jy mag nie vir die Here jou God 'n bees of 'n skaap offer wat 'n liggaamsgebrek of 'n letsel het nie. So iets is afskuwelik vir die Here jou God.

²“Dit kan gebeur dat jy in een van die dorpe wat die Here jou God vir jou sal gee, 'n man of 'n vrou kry wat die verbond verbreek en doen wat verkeerd is in die oë van die Here jou God

³deur ander gode te dien en te vereer: die son of die maan of enige ander hemelliggaam. Die Here het nie hierdie soort diens beveel nie.

⁴Wanneer dit vir jou vertel word of wanneer jy dit hoor, moet jy noukeurig navraag doen daaroor en as dit waar is dat so iets afskuweliks in Israel gedoen is,

⁵moet jy die man of die vrou wat die verkeerde ding gedoen het, laat uitbring na die stadspoort toe en hy of sy moet daar met klippe doodgegooi word.

⁶Die terdoodveroordeling mag net plaasvind op die eenparige getuienis van twee of drie getuies, nie op dié van net een nie.

⁷Die getuies moet die vonnis begin voltrek, en daarna moet die hele volk dit help uitvoer. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.”

Hofuitsprake by die heiligdom

⁸“Dit kan gebeur dat 'n saak voor jou gebring word wat vir jou te moeilik is: oor bloedvergieting of oor 'n hofuitspraak of oor aanranding. Dan moet jy na die plek toe gaan wat die Here jou God vir Hom sal uitkies.

⁹Gaan dan na die Levitiese priesters en die regter wat aan diens is, en vra raad by hulle. Hulle sal vir jou die regte uitspraak lewer.

¹⁰Handel volgens die uitspraak wat hulle vir jou lewer daar by die plek wat die Here sal kies. Gehoorsaam alles wat hulle jou daar leer, en lewe daarvolgens.

¹¹Jy moet handel volgens die onderrig wat hulle gee, volgens die uitspraak wat hulle vir jou lewer. Jy mag nie 'n haarbreedte afwyk van wat hulle vir jou sê nie.

¹²Die man wat nie luister nie en so die regter en die priester wat diens lewer in die heiligdom van die Here jou God, met minagting behandel, moet doodgemaak word. Jy moet die soort verkeerde ding uit Israel uitroei.

¹³Die hele volk sal hiervan hoor en bang word om so moedswillig op te tree.”

Die koning en sy verantwoordelikhede

¹⁴“Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, en jy dit in besit geneem het en daarin woon, sal jy sê: ‘Ek wil 'n koning oor my aanstel. Elke nasie in my omgewing het 'n koning.’

¹⁵Stel dan tog die koning aan vir wie die Here jou God kies. Jy moet iemand uit jou eie volk as koning aanstel. Jy mag nie 'n uitlander, iemand wat nie uit jou volk is nie, as koning aanstel nie.

¹⁶Hy mag nie baie perde aanhou nie en hy mag ook nie die volk na Egipte toe laat teruggaan om vir hulle baie perde aan te skaf nie. Die Here het vir julle gesê: ‘Julle mag nooit weer daarheen teruggaan nie.’

¹⁷Die koning mag ook nie baie vrouens hê nie, sodat hy nie aan die Here ontrou word nie. Hy mag ook nie sy silwer en goud te veel laat word nie.

¹⁸“Wanneer hy as koning oor sy ryk regeer, moet hy vir hom 'n afskrif van hierdie wet maak. Hiervoor moet hy die eksemplaar van die Levitiese priesters gebruik.

¹⁹Hy moet die afskrif by hom hou en sy lewe lank moet hy dit gereeld lees sodat hy kan leer om die Here sy God te dien deur gehoorsaam te wees aan alles in hierdie wet en om volgens al hierdie voorskrifte te lewe.

²⁰Dan sal hy hom nie bo sy volksgenote verhef en 'n haarbreedte afwyk van hierdie gebod nie. As hy gehoorsaam is, sal hy lank lewe in sy koninkryk, hy en sy seuns tussen sy volk Israel.”

Deuteronomium 18

Voorregte van die priester

¹“Die Levitiese priesters, die afstammeling van Levi, sal nie tussen die Israeliete grond as besitting kry nie. Die hele Levistam sal die vuuroffers eet wat vir die Here gebring is, wat aan Hom behoort.

²Die priesters kry nie 'n eie grondgebied tussen hulle volksgenote nie, Levi ontvang van wat die Here self toekom. Dit is soos die Here vir hom beloof het.

³Die priesters mag soos volg by die volk aanspraak maak op offers wat gebring word: iemand wat 'n bees of 'n skaap kom offer, moet vir die priester die blad, die kakebene en die pens van die dier gee;

⁴jy moet vir die priester die beste deel gee van jou koringoes en jou wynoes, van jou olie-opbrengs en jou wolskeersel.

⁵Die Here jou God het die Levistam uit al jou stamme uitgekies om in sy diens te staan. Levi en sy nageslag moet vir altyd aan die Naam van die Here diens lewer.

⁶Wanneer 'n Leviet uit enige van die Israelitiese stede waar hy as vreemdeling woon, na die plek toe wil kom wat die Here sal kies,

⁷mag die Leviet aan die Naam van die Here sy God diens lewer soos al sy mede-Leviete wat daar in die teenwoordigheid van die Here diens doen.

⁸So 'n Leviet moet net soveel kos as die ander Leviete kry, ongeag wat hy as erfgoed besit.”

Afskuwelike praktyke

⁹“Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God vir jou sal gee, moet jy nie die afskuwelike praktyke van daardie nasies aanleer nie.

¹⁰Daar mag nie iemand by jou wees wat sy seun of dogter as offer laat verbrand nie. Daar mag nie 'n besweerder by jou wees nie en ook nie 'n towenaar of iemand wat voortekens lees of 'n goëlaar

¹¹of 'n slangbesweerder of iemand wat geeste om inligting vra en dooies raadpleeg nie.

¹²Die Here het 'n afsku van elkeen wat hierdie soort ding doen. Trouens, dit is juis oor die afskuwelike praktyke van die Kanaäniete dat die Here jou God hulle in jou belang gaan verdryf.

¹³Jy moet opreg wees voor die Here jou God.

¹⁴Hierdie nasies wat jy gaan verdryf, luister na towenaars en besweerders. Maar die Here jou God verbied jou om dit te doen.”

'n Profeet soos Moses

¹⁵“Die Here jou God sal 'n profeet onder jou na vore laat kom, een van jou volksgenote. Hy sal soos ek wees. Vir hom moet jy gehoorsaam.

¹⁶Dit sal wees soos destyds toe die gemeente by Horeb bymekaargekom het en jy vir die Here jou God gesê het: ‘Ek kan nie weer 'n keer die stem van die Here my God aanhoor en weer na die groot vuur kyk nie, want dan sterf ek.’

¹⁷“Toe het die Here vir my gesê: ‘Wat hulle gesê het, is reg.

¹⁸Ek sal 'n profeet vir hulle na vore laat kom, een van hulle volksgenote. Hy sal soos jy wees. Ek sal my woorde in sy mond gee, en hy sal vir sy volksgenote alles sê wat Ek hom beveel.

¹⁹Ek sal self rekenskap eis van elkeen wat nie gehoorsaam is aan my woorde wat die profeet in my Naam sê nie.

²⁰'n Profeet wat hom dit aanmatig om in my Naam iets te sê wat Ek hom nie beveel het nie, moet sterf. Dit geld ook van 'n profeet wat in die naam van ander gode praat.'

²¹Wanneer jy jou afvra: Hoe sal ek die woorde kan uitken wat die Here nie met die profeet gepraat het nie?

²²moet jy weet: as 'n profeet iets in die Naam van die Here aankondig en dit kom nie uit nie en dit gebeur nie so nie, dan het die Here nie met die profeet gepraat nie. Dan het die profeet hom dit aangematig en hoef jy jou nie aan hom te steur nie."

Deuteronomium 19

Asielstede

(Vgl. Num. 35:9-28; Jos. 20:1-9)

¹"Die Here jou God sal die nasies uitroei wie se land Hy aan jou sal gee. Hy sal hulle verdryf en jy sal in hulle stede en in hulle huise woon.

²In die land wat die Here jou God aan jou gee om te besit, moet jy drie stede uitsonder

³as stede waarheen iemand kan vlug as hy 'n ander doodgemaak het. Jy moet die land wat die Here jou God aan jou as besitting gee, in drie streke verdeel sodat die stede maklik bereikbaar is.

⁴Iemand mag na een van die stede toe vlug om te bly lewe as hy 'n ander doodgemaak het sonder voorbedagte rade en sonder dat daar voorheen vyandskap tussen hulle was.

⁵Wanneer iemand byvoorbeeld saam met sy buurman na 'n bos toe gaan om hout te kap en hy swaai die byl in sy hand om 'n boom te kap, en die byl skram

weg van die boom af en tref die buurman sodat hy sterf, mag so 'n persoon na een van die drie stede toe vlug om te bly lewe.

⁶As die pad na so 'n stad toe te lank sou wees, sou dit kon gebeur dat 'n familielid wat in sy woede die ander se dood wil wreek, die man wat hom doodgemaak het, agtervolg en inhaal en doodmaak al is daar nie 'n misdaad gepleeg wat die dood verdien nie: daar was mos nie voorheen vyandskap tussen hulle nie.

⁷Dit is waarom ek jou beveel om drie stede uit te sonder.

⁸⁻⁹Maar as die Here jou God die grondgebied uitbrei soos Hy met 'n eed aan jou voorvaders beloof het en Hy gee die hele land wat Hy aan hulle beloof het aan jou, moet jy nog drie stede by die eerste drie voeg. Die Here sal jou gebied uitbrei omdat jy hierdie hele wet wat ek jou vandag gee, gehoorsaam deurdag jy die Here jou God liefhet en altyd volgens sy wil lewe.

¹⁰Daar mag nie onskuldige bloed vergiet word in die land wat die Here jou God aan jou as besitting sal gee nie, want dan sal daar bloedskuld op jou rus.

¹¹“Wanneer daar vyandskap is tussen 'n man en sy buurman, en hy lê sy buurman voor en pak hom en slaan hom dat hy sterf, en die man vlug dan na een van hierdie stede toe,

¹²moet die leiers van sy stad hom van daar af laat haal en hom oorgee in die mag van die familielid wat die ander se dood wil wreek, en die familielid mag hom doodmaak.

¹³Jy mag hom nie genade betoon nie. Jy moet uit Israel uitroei dié wat onskuldige bloed vergiet, dan sal dit met jou goed gaan.”

Vaste bakens

¹⁴“Jy mag nie jou buurman se grenslyne verskuif nie. Dit is grenslyne wat voorheen deur die voorgeslag vasgestel is vir die eiendom wat jy sal besit in die land wat die Here jou God jou as besit sal gee.”

Oor getuies in 'n hofsaak

¹⁵“Daar mag nie net een persoon teen iemand getuig nie, al was die oortreding of die misdaad ook wat, al het hy ook hoe verkeerd gehandel. 'n Beskuldiging kan net bewys word deur die getuienis van twee of drie getuies.

¹⁶“Wanneer 'n kwaadwillige getuie iemand van ontrou aan die Here beskuldig, ¹⁷moet die twee mans wat in die saak betrokke is, voor die Here verskyn, voor die priesters en die regters wat aan diens is.

¹⁸Die regters moet die saak deeglik ondersoek en as dit blyk dat die persoon wat sy volksgenoot beskuldig het, 'n vals getuie is,

¹⁹moet julle hom aandoen wat hy sy volksgenoot wou aandoen. So moet hierdie soort kwaad tussen julle uitgeroei word.

²⁰Die ander mense sal daarvan hoor en bang word en hierdie soort verkeerde ding sal nie weer tussen julle voorkom nie.

²¹Jy mag so 'n persoon nie genade betoon nie: 'n lewe vir 'n lewe, 'n oog vir 'n oog, 'n tand vir 'n tand, 'n hand vir 'n hand en 'n voet vir 'n voet.”

Deuteronomium 20

Reëlins vir oorlog

¹“Wanneer jy teen jou vyande gaan oorlog maak en jy merk hulle het perde en strydwaens en hulle is meer as jy, moet jy nie vir die vyande bang wees nie. Die Here jou God wat jou uit Egipte laat trek het, is by jou.

²Wanneer jy gereed staan om te veg, moet die priester nader kom en die volk toespreek.

³Hy moet vir hulle sê: ‘Luister, Israel! Julle staan nou gereed om teen julle vyande te veg. Moenie bewe nie, moenie bang wees nie, moenie vreesbevange word nie, moenie vir hulle skrik nie.

⁴Die Here julle God gaan saam met julle om vir julle teen julle vyande te veg, om julle die oorwinning te laat behaal.’

⁵“Die leiers moet vir die volk sê: ‘Wie het 'n huis gebou en dit nog nie betrek nie? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie in die oorlog omkom en 'n ander sy huis betrek nie.

⁶Wie het 'n wingerd geplant en nog nie van sy vrugte geëet nie? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie in die oorlog omkom en 'n ander van sy wingerd eet nie.

⁷Wie het verloof geraak maar is nog nie getroud nie? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie in die oorlog omkom en 'n ander met sy verloofde trou nie.’

⁸Verder moet die leiers nog vir die volk sê: ‘Wie is bang? Wie bewe? Hy moet teruggaan huis toe sodat hy nie sy volksgenote laat moed verloor soos hy nie.’

⁹“Wanneer die leiers met die volk gepraat het, moet daar leëraanvoerders aangestel word.

¹⁰Wanneer jy teen 'n stad optrek om daarteen te veg, moet jy 'n vredesaanbod maak.

¹¹As die stad die vredesaanbod aanvaar en sy poorte vir jou oopgooi, moet al sy inwoners jou dwangarbeiders word en vir jou werk.

¹²Maar as die stad nie met jou vrede sluit nie en teen jou wil oorlog maak, moet jy dit beleër.

¹³Die Here jou God sal dit in jou mag oorgee. Dan moet jy al die manlike inwoners daarvan om die lewe bring,

¹⁴maar die vrouens en klein kindertjies, die vee en alles wat in die stad is, alles wat gebuit kan word, moet jy buitmaak sodat jy kan geniet wat jy by jou vyand buitgemaak het, wat die Here jou God vir jou gegee het.

¹⁵Dit moet jy doen met al die stede wat baie ver van jou af is, met die stede wat nie aan hierdie nasies hier by jou behoort nie.

¹⁶Uit die stede van hierdie volke wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee word, mag jy niks laat bly lewe nie.

¹⁷Jy moet die Hetiete, Amoriëte, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete om die lewe bring as 'n banoffer aan die Here jou God soos Hy jou beveel het.

¹⁸Hulle mag julle nie leer om al die afskuwelike afgodsbeelde te maak wat hulle vir hulle as gode gemaak het nie. Hulle mag julle nie teen die Here julle God laat sondig nie.

¹⁹“Wanneer jy 'n stad 'n lang ruk beleër terwyl jy daarteen oorlog maak om dit in te neem, moet jy nie sy bome verwoes en dit afkap nie, want jy moet die vrugte daarvan eet. Jy mag dit nie afkap nie, want die bome op die land is nie mense dat jy teen hulle moet veg nie.

²⁰Net bome wat jy weet nie vrugte dra wat geëet kan word nie, mag jy beskadig. Jy kan hulle afkap om beleëringswerke te bou teen die stad wat met jou oorlog maak solank jy dit nog nie ingeneem het nie.”

Deuteronomium 21

'n Onbekende moordenaar

¹“Wanneer iemand wat om die lewe gebring is, gekry word waar hy in die veld lê in die land wat die Here jou God aan jou as besitting sal gee, en niemand weet wie hom doodgemaak het nie,

²moet jou leiers en jou regters uitgaan en die afstand meet van hom af tot by die stede in die omgewing.

³Die leiers van die stad naaste aan die lyk moet dan 'n vers vat wat nog nooit in 'n juk getrek het nie

⁴en haar na 'n spruit toe bring wat loop en waar daar nie geploeg of gesaai is nie. Daar by die spruit moet hulle die vers se nek breek.

⁵Dan moet die Levitiese priesters wat deur die Here jou God uitgekies is om Hom te dien en in sy Naam die seën uit te spreek, nader kom en enige geskil of aanklag moet deur hulle uitspraak afgehandel word.

⁶Al die leiers van die stad naaste aan die lyk moet dan hulle hande was bo-oor die vers waarvan die nek gebreek is by die spruit,

⁷en sê: ‘Ons het nie hierdie bloed vergiet nie en ons het ook nie gesien wie dit gedoen het nie.

⁸Here, U wat vir Israel verlos het, spreek tog u volk vry en moenie dat die skuld van bloed wat onskuldig vergiet is, op u volk Israel bly nie.’ Dan sal hulle vry wees van die skuld vir die dood van die man.

⁹So sal jy doen wat reg is in die oë van die Here en sal jy die skuld vir 'n onskuldige dood onder jou uit verwyder.”

Oor huweliksake

¹⁰“Wanneer jy gaan oorlog maak, en die Here jou God gee jou vyande in jou mag oor, en jy neem krygsgevangenes

¹¹en jy sien 'n mooi vrou onder hulle en jy kry haar lief en jy wil met haar trou,

¹²moet jy haar in jou huis inbring. Dan moet sy haar hare afskeer, haar naels afsny,

¹³en haar klere wat sy as krygsgevangene gedra het, uittrek. Sy moet in jou huis woon en 'n maand lank oor haar ouers treur. Daarna kan jy met haar gemeenskap hê, en is jy haar man en sy jou vrou.

¹⁴As jy later nie meer lief is vir haar nie, moet jy haar laat gaan waarheen sy wil. Jy mag haar nie verkoop nie, jy mag haar ook nie as slavin gebruik nie, want jy het met haar gemeenskap gehad.

¹⁵“Wanneer 'n man twee vrouens het, een wat hy liefhet en een van wie hy nie hou nie, en albei het vir hom kinders in die wêreld gebring, en die oudste seun is die kind van die vrou van wie hy nie hou nie,

¹⁶mag hy nie die seun van die vrou wat hy liefhet, in sy testament as sy oudste beskou en hom bevoorreg bo die seun wat eintlik sy oudste is nie, die seun van die vrou van wie hy nie hou nie.

¹⁷Die man moet die seun van die vrou van wie hy nie hou nie, as oudste erken deur aan hom 'n dubbele deel van alles te gee. Hy is die eersteling van die man se manlike krag, en die reg van die eersteling kom hom toe.

¹⁸“Wanneer 'n man 'n opstandige en ongehoorsame seun het wat nie na sy pa en ma wil luister nie, selfs al straf hulle hom,

¹⁹moet hulle hom na die leiers van die stad toe vat by die stadspoort.

²⁰Hulle moet vir die leiers van die stad sê: ‘Hierdie seun van ons is opstandig en ongehoorsaam. Hy luister nie na ons nie. Hy is 'n vraat en 'n suiplap.’

²¹Dan moet al die mans van die stad hom met klippe doodgooi. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei, en die hele Israel sal daarvan hoor en bang wees.”

Wie opgehang word, is vervloek

²²“Wanneer iemand tereggestel word vir 'n oortreding wat die doodstraf verdien, en jy hang hom aan 'n paal op,

²³mag sy lyk nie die nag daaraan bly hang nie. Jy moet hom dieselfde dag nog begrawe, want wie opgehang word, is deur God vervloek. Jy mag nie die land wat deur die Here jou God aan jou as besitting gegee is, verontreinig nie.”

Deuteronomium 22

Reëlins vir 'n ordelike gemeenskap

¹“Jy mag jou nie blind hou wanneer jy 'n verdwaalde bees of skaap van jou volksgenoot sien nie. Jy moet dit na hom toe terugvat.

²As hy nie naby jou bly nie of as jy hom nie ken nie, moet jy die dier na jou huis toe vat, en dit moet daar bly tot hy dit kom soek. Dan moet jy dit vir hom teruggee.

³So moet jy ook maak met 'n donkie of 'n kledingstuk van jou volksgenoot of enigiets anders wat wegraak en jy kry dit. Jy mag nie onverskillig staan daarteenoor nie.

⁴Jy mag nie onverskillig staan teenoor 'n donkie of 'n bees van jou volksgenoot as jy dit sien val nie. Jy moet hom die dier help optel.

⁵“'n Vrou mag nie mansklere dra nie, en 'n man mag nie vrouensklere aantrek nie. Die Here jou God het 'n afsku van mense wat dit doen.

⁶“Wanneer jy afkom op 'n voël nes in 'n boom of op die grond, en daar is kleintjies of eiers in die nes en die wyfie sit daarop, mag jy nie die wyfie saam met die kleintjies vir jou vat nie.

⁷Jy mag die kleintjies vir jou vat, maar jy moet die wyfie laat wegvlieg. Dan sal dit goed gaan met jou, en sal jy 'n lang lewe hê.

⁸“Wanneer jy 'n nuwe huis bou, moet jy 'n reling rondom die dak aanbring sodat jy nie met jou huis iemand se dood veroorsaak as hy van die dak af val nie.

⁹“Jy mag nie 'n ander gewas in jou wingerd plant nie. As jy dit doen, sal die opbrengs van die gewas, sowel as die druiweoes die tempel toekom.

¹⁰“Jy mag nie 'n bees en 'n donkie saam voor 'n ploeg inspan nie.

¹¹“Jy mag nie 'n kledingstuk dra wat van twee soorte materiaal, wol en linne, gemaak is nie.

¹²“Jy moet klossies vaswerk aan al die some van jou klere.

¹³“Wanneer 'n man 'n vrou trou, kan dit gebeur dat hy 'n afkeer kry van haar nadat hy met haar gemeenskap gehad het

¹⁴en haar van slegte gedrag beskuldig en haar 'n slegte naam laat kry deurdat hy sê: ‘Ek het hierdie vrou getrou en met haar gemeenskap gehad, maar ek het nie enige tekens dat sy 'n maagd was, by haar gevind nie.’

¹⁵Dan moet haar pa en haar ma die tekens dat sy 'n maagd was, na die leiers van die stad toe bring in die stadspoort

¹⁶en dan moet haar pa vir hulle sê: ‘Ek het my dogter met hierdie man laat trou en nou haat hy haar.

¹⁷Hy beskuldig haar van slegte gedrag deurdat hy sê hy het nie enige tekens dat sy 'n maagd was, by haar gevind nie. Maar hier is die tekens dat my dogter 'n maagd was.’ Dan moet haar pa haar nagklere vir die leiers van die stad wys.

¹⁸Hulle moet die man dan met 'n sweep slaan

¹⁹en hom met elf honderd en veertig gram silwer beboet. Hulle moet die geld vir haar pa gee omdat die man haar, 'n maagd van Israel, 'n slegte naam laat kry het. Sy sal ook die man se vrou bly. Hy mag nooit van haar skei nie.

²⁰Maar as die man die waarheid gepraat het, en daar nie enige tekens dat sy 'n maagd was by haar gevind is nie,

²¹moet hulle haar by die deur van haar pa se huis laat uitkom en die mans van die stad moet haar daar met klippe doodgooi. Sy moet sterf omdat sy 'n ongehoorde ding in Israel gedoen het deurdat sy met 'n man geslagsgemeenskap gehad het terwyl sy nog ongetroud was. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

²²“Wanneer 'n man betrap word terwyl hy gemeenskap het met 'n ander man se vrou, moet die man en die vrou wat gemeenskap gehad het, altwee doodgemaak word. So moet jy hierdie soort kwaad tussen die Israëliete uitroei.

²³“Wanneer 'n man 'n verloofde meisie in die stad raakloop en met haar gemeenskap het,

²⁴moet jy altwee na die stadspoort toe uitbring en met klippe doodgooi. Hulle moet sterf: die meisie omdat sy nie in die stad om hulp geroep het nie en die man omdat hy die verloofde van sy volksgenoot onteer het. So moet jy hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

²⁵Maar as 'n man 'n verloofde meisie in die veld raakloop en haar oorweldig en met haar gemeenskap het, moet net die man sterf.

²⁶Die meisie moet ongestraf bly. Sy het niks gedoen wat die dood verdien nie, want in haar geval is dit soos wanneer 'n man iemand gryp en vermoor.

²⁷Die verloofde meisie is in die veld raakgeloop, en sy het om hulp geroep, maar daar was niemand om haar te help nie.

²⁸“Wanneer 'n man 'n meisie wat nie verloof is nie, raakloop en haar gryp en met haar gemeenskap het, en hulle word betrap,

²⁹moet die man wat met haar gemeenskap gehad het, vyf honderd en sewentig gram silwer aan haar pa gee en met haar trou. Hy het haar onteer en daarom mag hy nooit van haar skei nie.

³⁰“'n Seun mag nie met sy pa se vrou trou nie. 'n Seun mag nie gemeenskap hê met 'n vrou wat aan sy pa behoort nie.”

Deuteronomium 23

Wie nie lid van die gemeente mag word nie

¹“Iemand wie se geslagsorgane verbrysel is of iemand wat ontman is, mag nie lid van die gemeente van die Here wees nie.

²Niemand wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap mag lid van die gemeente word nie, selfs nie so 'n persoon se tiende nageslag nie.

³Geen Ammoniet of Moabiet mag lid van die gemeente word nie. Niemand uit hulle nageslag mag ooit lid van die gemeente word nie, selfs nie eers een van die tiende geslag nie.

⁴Dit is omdat hulle jou nie van kos en water voorsien het toe julle uit Egipte getrek het nie en hulle vir Bileam seun van Beor uit Petor in Mesopotamië gehuur het om jou te vervloek.

⁵“Die Here jou God wou egter nie na Bileam luister nie en die Here jou God het Bileam se vervloeking in 'n seën verander, want die Here jou God het jou lief.

⁶Jy mag nooit in vrede leef met die Ammoniete en die Moabiete nie, en jy mag nooit iets goeds aan hulle doen nie.

⁷“Jy mag egter nie 'n Edomiet wegstoot nie, want hy is jou bloedverwant; ook nie 'n Egiptenaar nie, want jy was 'n vreemdeling in sy land.

⁸Kinders uit hulle derde geslag mag lid word van die gemeente.”

Die kamp moet rein wees

⁹“Wanneer jy optrek teen jou vyande, moet jy oppas dat jy nie iets verkeerds doen nie.

¹⁰As daar iemand by jou is wat nie rein is nie op grond van iets wat in die nag met hom gebeur het, moet hy uit die kamp uit gaan. Hy mag nie in die kamp wees nie.

¹¹Teen die aand moet hy hom was en na sonder mag hy in die kamp inkom.

¹²Jy moet 'n plek buite jou kamp hê waarheen jy kan uitgaan.

¹³By jou uitrusting moet daar 'n stok wees en as jy jou buite wil gaan ontlaas, moet jy 'n gat grawe met die stok en as jy klaar is, moet jy alles toekrap.

¹⁴Die Here jou God gaan saam met jou in jou kamp om jou te bevry deur jou vyande in jou mag oor te gee, en daarom moet jou kamp rein wees. As die Here iets onbetaamliks by jou sien, sal Hy jou verlaat.”

Maatskaplike en godsdienstige reëlins

¹⁵“Jy mag nie 'n slaaf wat van sy eienaar af na jou toe weggeloop het, aan sy eienaar teruggee nie.

¹⁶Die slaaf mag by jou woon in een van jou stede wat hy kies, waar dit hom pas. Jy mag hom nie laat swaarkry nie.

¹⁷“Jy mag nie prostitute by die tempel aanhou nie, of dit nou vrouens of mans uit Israel is.

¹⁸“Wanneer jy 'n gelofte afgelê het, mag jy nie die loon van 'n prostituut, of dit nou dié van 'n man of 'n vrou is, na die huis van die Here jou God toe bring nie. Hy het 'n afkeer van hierdie twee dinge.

¹⁹“Jy mag niks teen rente aan jou volksgenoot uitleen nie: nie geld of kos of enigiets wat 'n mens kan uitleen nie.

²⁰Jy mag aan 'n nie-Israeliet iets teen rente uitleen, maar aan jou volksgenoot mag jy niks teen rente uitleen nie. Dan sal die Here jou God jou voorspoedig maak in alles wat jy aanpak in die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

²¹“Wanneer jy 'n gelofte aflê teenoor die Here jou God, moet jy nie traag wees om dit na te kom nie, anders sal die Here jou God jou tot verantwoording roep en sal jy skuldig wees.

²²Wanneer jy nie 'n gelofte aflê nie, sal jy nie skuldig wees nie,

²³maar as jy vrywillig 'n gelofte teenoor die Here jou God aflê, moet jy versigtig wees met wat jy sê en moet jy die gelofte nakom.

²⁴“Wanneer jy in jou buurman se wingerd ingaan, mag jy net soveel druiwe eet as jy wil om jou honger te stil, maar jy mag niks in jou sak sit nie.

²⁵Wanneer jy in jou buurman se koringland ingaan, mag jy are pluk met jou hand, maar jy mag nie 'n sekel in sy koringland gebruik nie.”

Deuteronomium 24

Oor skei en hertrou

¹“Wanneer 'n man met 'n vrou trou, kan dit gebeur dat hy haar nie meer liefhet nie omdat hy iets onbetaamliks aan haar gevind het. Dan mag hy 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur.

²Sy kan dan uit sy huis uit gaan en met 'n ander man trou.

³As haar tweede man haar ook later nie meer liefhet nie en 'n skeibrief skryf en dit vir haar gee en haar uit sy huis uit wegstuur, of as haar tweede man sterf,

⁴mag haar eerste man wat haar weggestuur het, nie weer met haar trou nie. Sy is verontreinig, en as hy weer met haar trou, sal dit vir die Here iets afskuweliks wees. Jy mag nie die land wat die Here jou God vir jou as besitting sal gee, onder jou sonde laat ly nie.”

Neem jou medemens in ag

⁵“Wanneer 'n man pas getroud is, mag hy nie saam met die leer optrek om te gaan oorlog maak nie. Hy mag ook nie met enige verpligting belas word nie. 'n Jaar lank moet hy van alles vrygestel wees om sy vrou met wie hy getroud is, gelukkig te maak.

6“Jy mag nie iemand se twee maalklippe as pand neem nie, selfs nie die boonste maalklip nie, want dan vat jy sy daaglikse brood as pand.

7“Wanneer dit ontdek word dat iemand sy broer, 'n mede-Israeliet, gesteel het en hom as slaaf gebruik of verkoop het, moet die dief sterf. Jy moet hierdie soort kwaad tussen julle uitroei.

8“Jy moet versigtig wees as melaatsheid jou tref. Jy moet versigtig wees en presies doen wat die Levitiese priesters jou voorhou. Ek het hulle alles beveel, en jy moet versigtig wees en dit doen.

9Jy moet onthou wat die Here jou God vir Mirjam aangedoen het toe julle uit Egipte weggetrek het.

10“Wanneer jy iets aan jou buurman leen, mag jy nie in sy huis ingaan om iets as pand te gaan vat nie.

11Jy moet buite staan en die man aan wie jy geleen het, moet vir jou die pand uitbring buite toe.

12As die man arm is, moet jy nie die pand ná slaapyd hou nie.

13Jy moet die pand teruggee wanneer die son ondergaan sodat hy onder sy kledingstuk kan slaap. Dan sal hy jou seën, en die Here jou God sal jou optrede goedvind.

14“Jy mag nie 'n huurling wat arm en behoeftig is, laat swaarkry nie, of hy nou al 'n volksgenoot is of 'n vreemdeling wat by jou woon in een van jou land se stede.

15Jy moet hom sy loon nog dieselfde dag gee, voor die son ondergaan, want hy is arm en reken op sy loon. As jy dit nie doen nie, sal hy by die Here kla oor jou en sal jy skuldig wees.

16“Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.

¹⁷“Jy mag nie die regte van 'n vreemdeling of van 'n weeskind van hulle af wegvat nie. Jy mag nie die klere van 'n weduwee as pand neem nie.

¹⁸“Jy moet onthou dat jy in Egipte 'n slaaf was, en dat die Here jou God jou daaruit bevry het. Daarom beveel ek jou om al hierdie dinge te doen.

¹⁹“Wanneer jy jou lande afoes en jy vergeet 'n gerf op die land, moet jy nie omdraai om dit te gaan haal nie. Dit moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee. Dan sal die Here jou God jou seën in alles wat jy aanpak.

²⁰Wanneer jy olywe afslaan van jou olyfboom af, mag jy nie agterna weer gaan afslaan nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee.

²¹Wanneer jy jou wingerd oes, mag jy nie agterna weer gaan oes nie. Wat agtergebly het, moet bly vir 'n vreemdeling of 'n weeskind of 'n weduwee.

²²Jy moet onthou dat jy in Egipte 'n slaaf was. Dit is waarom ek jou beveel om al hierdie dinge te doen.

Deuteronomium 25

¹“Dit kan gebeur dat twee mans in 'n hofsak betrokke raak en dat die regters uitspraak lewer en die een onskuldig verklaar en die ander een skuldig.

²Wanneer die skuldige dan lyfstraf opgelê is, moet 'n regter hom op die grond laat lê, en hy moet in die teenwoordigheid van die regter soveel hou kry as hy verdien.

³Hy mag nie meer as veertig hou kry nie, want as hy meer as dit kry, word jou volksgenoot voor jou oë verkleineer.

⁴“Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie.”

Die verantwoordelikheid van 'n swaer

⁵“Wanneer broers saamwoon, en een van hulle sterf sonder 'n seun, mag sy weduwee nie met 'n buitestaander trou nie. Haar man se broer moet met haar trou en so sy verantwoordelikheid nakom teenoor sy broer.

⁶Haar eerste seun moet die naam van die afgestorwe broer dra sodat sy naam nie uit Israel uitsterf nie.

⁷As die broer nie met sy broer se weduwee wil trou nie, moet sy na die leiers in die stadspoort toe gaan en vir hulle sê: ‘My swaer weier om die naam van sy broer in Israel te laat voortleef. Hy weier om met my sy verantwoordelikheid na te kom teenoor sy broer.’

⁸“Die stadsleiers moet hom dan laat roep en met hom praat. As hy daarop staan en bly sê: ‘Ek wil nie met haar trou nie,’

⁹moet sy skoonsuster na hom toe kom en in die teenwoordigheid van die stadsleiers moet sy sy skoen uittrek en hom in die gesig spoeg en vir hom sê: ‘So sal dit gaan met die man wat nie vir sy broer 'n huis, 'n nageslag, wil bou nie.’

¹⁰“Dan moet die man en sy huis onder die Israeliete bekend wees as Huis van die uitgetrekte Skoen.”

Tree reg en billik op

¹¹“Wanneer twee mans baklei, en die een se vrou kom help haar man teen die een deur wie haar man geslaan word en sy gryp die ander man aan sy geslagsorgane,

¹²moet haar hand afgesny word. Jy mag geen genade betoon nie.

¹³“Jy mag nie met gewigte werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie.

¹⁴“Jy mag nie met inhoudsmate werk wat nou sus dan so, nou groot dan klein is nie.

¹⁵“Jy moet billik en regverdig afweeg en afmeet. Dan sal jy lank leef in die land wat deur die Here jou God aan jou gegee word.

¹⁶“Die Here jou God het 'n afsku van almal wat oneerlik is en ander bedrieg.”

Amalek moet uitgeroei word

¹⁷“Jy moet onthou wat Amalek jou aangedoen het toe julle uit Egipte getrek het.

¹⁸Hy het jou van agter af aangeval toe jy moeg en uitgeput was, en hy het almal wat nie kon byhou nie, om die lewe gebring sonder om hom aan God te steur.

¹⁹Wanneer die Here jou God jou die oorwinning laat behaal het oor al jou vyande rondom jou en jy rustig woon in die land wat die Here jou God aan jou gee as jou eiendom en jy dit besit, moet jy die naam van Amalek van die aarde af uitwis. Jy mag nie vergeet om dit te doen nie.”

Deuteronomium 26

Die eerste opbrengs van die oes

¹“Wanneer jy in die land kom wat die Here jou God aan jou gee as jou eiendom en jy dit besit en jy daarin woon,

²moet jy van elke eerste oes wat jy insamel in die land wat die Here jou God aan jou gee, 'n deel vat en dit in 'n mandjie sit en daarmee na die plek toe gaan wat die Here jou God sal kies om sy Naam daar te laat woon.

³Jy moet na die priester toe gaan wat in daardie tyd daar sal wees, en vir hom sê: ‘Ek verklaar vandag voor die Here u God dat ek gekom het in die land wat die Here met 'n eed aan ons voorvaders beloof het om aan ons te gee.’

⁴Dan moet die priester die mandjie by jou vat en dit neersit voor die altaar van die Here jou God.

⁵“Jy moet dan in die teenwoordigheid van die Here jou God sê: ‘My vader was 'n Arameër wat van plek tot plek getrek het. Hy het na Egipte toe gegaan en met min mense daar as vreemdeling gaan woon. Daar het hy 'n groot, sterk en talryke nasie geword.

⁶Die Egiptenaars het ons sleg behandel. Hulle het ons verdruk en ons harde werk laat doen.

⁷Ons het na die Here die God van ons voorvaders om hulp geroep, en Hy het ons gehoor. Hy het ons ellende en ons swaarkry raakgesien en gesien hoe ons verdruk word.

⁸Die Here het ons uit Egipte laat wegtrek deur magtige daade, kragtige groot daade wat vrees ingeboesem het, tekens en wonders.

⁹Hy het ons in hierdie plek gebring en hierdie land aan ons gegee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

¹⁰Dit is die rede waarom ek nou die eerste opbrengs van die land wat deur die Here aan my gegee is, gebring het.' Dan moet jy dit neersit in die teenwoordigheid van die Here jou God en Hom aanbid.

¹¹Jy moet al die goeie dinge geniet wat die Here jou God aan jou en jou huisgenote gee, jy en die Leviete en die vreemdelinge wat by jou woon."

Oor tiendes

¹²"Om die drie jaar is dit 'n jaar van tiendes. Dan moet jy 'n tiende van die opbrengs van jou land opsy sit. As jy dit opsy gesit het, moet jy dit gee aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee dat hulle in jou stede genoeg kan hê om te eet.

¹³Dan moet jy in die teenwoordigheid van die Here jou God sê: 'Ek het die gewyde deel uit my huis uit weggeneem en aan die Leviet, die vreemdeling, die weeskind en die weduwee gegee soos U my beveel het in al u gebooie. Ek het nie een van u gebooie oortree nie. Ek het hulle nie vergeet nie.

¹⁴Ek het nie van die tiende geëet terwyl ek gerou het nie. Ek het dit nie uit my huis uit weggeneem terwyl ek onrein was nie. Ek het nie daarvan aan 'n dooie afgod geoffer nie. Ek het na U geluister, Here my God, en ek het alles gedoen wat U my beveel het.

¹⁵Kyk tog af, Here, uit u heilige woonplek, uit die hemel, en seën u volk Israel en die land wat U aan ons gegee het soos U aan ons voorvaders met 'n eed beloof het, 'n land wat oorloop van melk en heuning.'

¹⁶"Die Here jou God beveel jou vandag om volgens hierdie voorskrifte en bepalings te leef en om hulle te gehoorsaam. Jy moet dit doen met hart en siel.

¹⁷Jy het vandag verklaar dat die Here jou God is, en dat jy volgens sy wil sal lewe, dat jy sy voorskrifte en gebooie en bepalings sal gehoorsaam en dat jy na Hom sal luister.

¹⁸Die Here het vandag verklaar dat jy sy eiendomsvolk is soos Hy jou beloof het, en gesê dat jy al sy gebooie moet gehoorsaam,

¹⁹dat Hy jou oor al die nasies wat Hy gemaak het, sal stel en aan jou meer lof en roem en eer sal gee as aan hulle, en dat jy 'n volk sal wees wat aan die Here jou God gewy sal wees soos Hy beloof het.”

Deuteronomium 27

'n Klipaltaar op Ebalberg

¹Moses en die leiers van Israel het die volk beveel: “Jy moet al die gebooie gehoorsaam wat ek jou vandag beveel.

²Wanneer jy deur die Jordaanrivier trek op pad na die land toe wat die Here jou God aan jou gee, moet jy groot klippe opstapel en hulle met kalk afwit.

³Wanneer jy deurtrek om die land in te gaan, die land wat die Here jou God aan jou sal gee, die land wat oorloop van melk en heuning, soos die Here jou God aan jou voorvaders beloof het, moet jy al die woorde van hierdie wet op die klippe skryf.

⁴Nadat jy deur die Jordaan getrek het, moet jy die klippe waaroor ek nou net opdragte gegee het, op Ebalberg opstapel en moet jy hulle met kalk afwit.

⁵Daar moet jy 'n klipaltaar bou vir die Here jou God. Jy mag die klip nie kap nie.

⁶Jy moet die altaar vir die Here jou God bou van onbewerkte klip en daarop moet jy jou brandoffers aan die Here jou God offer.

⁷Jy moet jou maaltydoffers offer en dit daar eet en bly wees in die teenwoordigheid van die Here jou God.

⁸Jy moet hierdie hele wet duidelik leesbaar skryf op die klippe wat jy opstapel.”

By Gerisimberg en by Ebalberg

⁹Moses en die Levitiese priesters het vir die hele Israel gesê: “Bly stil en luister, Israel! Vandag het jy die volk van die Here jou God geword.

¹⁰Jy moet na die Here jou God luister en jy moet lewe volgens die gebooe en die voorskrifte wat ek jou vandag beveel.”

¹¹Op dieselfde dag het Moses vir die volk gesê:

¹²“Wanneer julle deur die Jordaanrivier getrek het, moet die volgende stamme op Gerisimberg gaan staan: Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Josef en Benjamin. Hulle moet die volk seën.

¹³Die volgende stamme moet op Ebalberg gaan staan: Ruben, Gad, Aser, Sebulon, Dan en Naftali. Hulle moet die straf aankondig.

¹⁴“Die Leviëte moet hardop vir die hele Israel sê:

¹⁵“Daar rus 'n vloek op elkeen wat 'n afgodsbeeld uitsny of giet en dit in die geheim êrens neersit om te vereer. Die Here het 'n afsku daarvan. Dit is mensewerk. “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

¹⁶“Daar rus 'n vloek op elkeen wat sy pa of ma minag. “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

¹⁷“Daar rus 'n vloek op elkeen wat die grenslyn van sy buurman verlê! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

¹⁸“Daar rus 'n vloek op elkeen wat 'n blinde op 'n verkeerde pad lei! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

¹⁹“Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie reg laat geskied aan 'n vreemdeling, 'n weeskind of 'n weduwee nie! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²⁰“Daar rus 'n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy pa se vrou, want hy het haar wat aan sy pa behoort, ontbloot. “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²¹“Daar rus 'n vloek op elkeen wat gemeenskap het met enige dier! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²²“Daar rus 'n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy suster, 'n dogter van sy pa of sy ma. “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²³“Daar rus 'n vloek op elkeen wat gemeenskap het met sy skoonma! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²⁴“Daar rus 'n vloek op elkeen wat sy naaste doodmaak, al is dit in die geheim! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²⁵“Daar rus 'n vloek op elkeen wat omkoopgeld aanvaar om 'n onskuldige dood te maak! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’

²⁶“Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie hierdie wet onderhou en nie daarvolgens lewe nie! “Dan moet die hele volk antwoord: ‘Amen!’ ”

Deuteronomium 28

Seëninge en strawwe

¹“As jy goed luister na die Here jou God en jy gehoorsaam al sy gebooie wat ek jou vandag gee, en jy lewe daarvolgens, sal die Here jou God jou oor al die nasies van die aarde stel.

²“As jy luister na die Here jou God, sal al hierdie seëninge oor jou kom en jou lewe verryk.

³“Jy sal geseën wees in die stad, jy sal geseën wees in die oop veld.

⁴“Jou nageslag sal geseën wees, en die opbrengs van jou lande en die aandeel van jou diere, jou kalweroes en jou lammeroos.

⁵“Jou oesmandjie en jou knieskottel sal geseën wees.

⁶“Jy sal geseën wees waar jy ook gaan.

⁷“Die Here sal jou vyande wat jou aanval, vir jou laat vlug. Hulle sal uit een rigting teen jou opruk, maar in talle rigtings voor jou uit vlug.

⁸“Die Here sal die seën beveel om oor jou te kom, oor jou graanskure en oor alles wat jy aanpak. Die Here jou God sal jou seën in die land wat Hy aan jou gee.

⁹“As jy die gebooie van die Here jou God gehoorsaam en sy wil doen, sal Hy jou in stand hou as sy heilige volk soos Hy met 'n eed aan jou beloof het.

10“Al die volke op die aarde sal weet dat die Naam van die Here oor jou uitgeroep is, en hulle sal bang wees vir jou.

11Die Here sal jou oorlaai met die goeie: met 'n nageslag, met die aanteel van jou vee, met die opbrengs van jou grond in die land wat die Here met 'n eed aan jou voorvaders beloof het om aan jou te gee.

12Die Here sal sy goeie voorraadskuur, die hemel, vir jou oopmaak om vir jou land reën te gee op die regte tyd, om alles wat jy doen, te seën. Dan sal jy aan baie nasies kan leen, maar self sal jy nie hoef te leen nie.

13-14“As jy luister na die Here jou God se gebooie wat ek jou vandag gee, as jy hulle gehoorsaam en daarvolgens lewe en nie ander gode aanhang en dien en so afwyk van alles wat ek jou vandag beveel nie, sal die Here jou God jou die kop maak, nie die stert nie, en sal jy altyd bo wees, nie onder nie.

15“As jy nie luister na die Here jou God nie en jy gehoorsaam nie al sy gebooie en voorskrifte wat ek jou vandag gee, en jy lewe nie daarvolgens nie, sal al hierdie strawwe oor jou kom en jou tref:

16“Daar sal 'n vloek op jou rus in die stad, daar sal 'n vloek op jou rus in die oop veld.

17“Daar sal 'n vloek rus op jou oesmandjie en op jou knieskottel.

18“Daar sal 'n vloek rus op jou nageslag en op die opbrengs van jou lande, op jou kalweroes en jou lammeroes.

19“Daar sal 'n vloek op jou rus waar jy ook gaan.

20“Die Here sal die vloek oor jou stuur, verwarring en terugslae in alles wat jy aanpak en doen, totdat Hy jou uitgeroei het en jou skielike ondergang bewerk het oor al die verkeerde dinge wat jy gedoen het deurdat jy Hom verlaat het.

21“Die Here sal peste en plaë aan jou laat kleef totdat Hy jou uitgeroei het uit die land waarheen jy op pad is om dit in besit te neem.

22“Die Here sal jou tref met toring, inflammasie en koorssiekte, met hitte, met oorlog en met brandkoring en roes. Dit sal by jou bly totdat jy uitgewis is.

- ²³“Die hemel bo jou sal brons word en die aarde onder jou yster.
- ²⁴“Die Here sal stof en roet in jou land laat reën. Dit sal uit die hemel uit op jou afkom en jou uitdelg.
- ²⁵“Die Here sal jou laat vlug vir jou vyande. Uit een rigting sal jy teen hulle opruk, maar in talle rigtings sal jy voor hulle uit vlug. Jy sal bewe vir al die koninkryke van die aarde.
- ²⁶“Al die voëls en die wilde diere sal aan jou lyke vreet, en niemand sal hulle verjaag nie.
- ²⁷Die Here sal jou tref met die swere van Egipte, met bloedvinte, uitslag en jeuksiektes, waarvan jy nie genees sal kan word nie.
- ²⁸Die Here sal jou tref met kranksinnigheid en blindheid en waansin.
- ²⁹Jy sal op die helder middag rondtas soos 'n blinde rondtas in sy donkerte. Jy sal nie voorspoed ondervind nie. Jy sal aanhoudend verdruk en beroof word en daar sal niemand wees om jou te help nie.
- ³⁰Jy sal aan 'n vrou verloof raak, maar 'n ander man sal haar verkrag; jy sal 'n huis bou, maar nie daarin woon nie; jy sal 'n wingerd plant, maar nie sy vrugte eet nie.
- ³¹Jou bees sal voor jou oë geslag word, maar jy sal nie daarvan eet nie. Jou donkie sal voor jou oë geroof word en nie weer aan jou terugbesorg word nie. Jou kleinvee sal aan jou vyande gegee word, en daar sal niemand wees wat jou help nie.
- ³²Jou seuns en dogters sal aan 'n vreemde volk gegee word terwyl jy toekyk, en jou oë sal ingee soos jy die hele dag kyk of hulle terugkom, maar jy sal niks daaraan kan doen nie.
- ³³'n Volk wat jy nie ken nie, sal die opbrengs eet van jou lande en alles waarvoor jy jou afsloof. Daar sal deurentyd net verdrukking en swaarkry vir jou wees,
- ³⁴en jy sal kranksinnig word van wat jy sien.

³⁵Die Here sal jou tref met kwaadaardige swere aan jou knieë en jou dye. Van kop tot tone sal jy nie genees kan word nie.

³⁶“Die Here sal jou en die koning wat jy vir jou sal aanstel, na 'n nasie toe laat gaan wat jy en jou voorvaders nie geken het nie, en daar sal jy ander gode dien: hout en klip.

³⁷Daar sal jy wees tot 'n spot en 'n skimp onder al die volke na wie toe die Here jou sal bring, iets waarvoor hulle sal skrik.

³⁸Jy sal baie saad saai, maar min oes, want sprinkane sal die oes opvreet.

³⁹Jy sal wingerde plant en bewerk, maar jy sal nie wyn daarvan drink of druiwe daarvan oes nie, want wurms sal dit opvreet.

⁴⁰Oral in jou grondgebied sal jy olyfbome hê, maar jy sal jou liggaam nie met hulle olie versorg nie, want die olywe sal afval.

⁴¹Jy sal seuns en dogters hê, maar jy sal hulle nie behou nie, want hulle sal as ballinge weggevoer word.

⁴²Goggas sal jou bome en die opbrengs van jou lande oorneem.

⁴³Die vreemdeling wat by jou woon, sal meer en meer kry, en jy sal agteruitboer en minder en minder hê.

⁴⁴Hy sal aan jou leen, jy sal nie aan hom leen nie. Hy sal die kop wees en jy die stert.

⁴⁵Al hierdie strawwe sal oor jou kom. Hulle sal jou tref en by jou bly totdat jy uitgeroei is, omdat jy nie na die opdrag van die Here jou God geluister het nie en nie sy gebooie en voorskrifte wat Hy jou gegee het, gehoorsaam het nie.

⁴⁶Die gebooie en voorskrifte moet altyd vir jou en jou kinders 'n waarskuwingsteken wees.

⁴⁷“As jy die Here jou God nie met vreugde en blydschap dien nie omdat jy baie besit,

⁴⁸sal jy jou vyande wat deur die Here teen jou gestuur sal word, moet dien. Jy sal dit doen terwyl jy honger en dors en sonder klere is en gebrek ly, en jou vyand sal 'n ysterjuk op jou nek sit totdat hy jou uitgeroei het.

⁴⁹Die Here sal van ver af 'n nasie teen jou laat opruk. Hy sal van die uithoeke van die aarde af kom, vinnig soos 'n arend wat vlieg. Dit sal 'n nasie wees wie se taal jy nie verstaan nie,

⁵⁰'n wrede nasie deur wie niemand, oud of jonk, ontsien word nie, 'n nasie sonder genade.

⁵¹Hy sal die aanteel van jou vee en die opbrengs van jou land opeet totdat hy jou uitgeroei het. Hy sal nie vir jou koring of wyn of olie laat oorbly nie, ook nie van die aanteel van jou grootvee en jou kleinvee nie. Jou vyand sal dit doen totdat hy jou ondergang bewerk het.

⁵²“Hy sal jou in al jou stede beleër totdat jou hoë stadsmure en jou vestings waarop jy staatmaak, dwarsdeur jou land afgebreek is. Hy sal jou beleër in al die stede van jou hele land wat deur die Here jou God aan jou gegee is.

⁵³Wanneer jou vyand jou beleër en jou laat swaarkry, sal jy die vleis van jou eie kinders eet, jou seuns en dogters wat deur die Here jou God aan jou gegee is.

⁵⁴Selfs die sagste en mees verfynde man by jou sal niks omgee vir sy broer of sy lieflingvrou of sy kind wat nog lewe nie.

⁵⁵Hy sal vir nie een van hulle die vleis van sy eie kinders gee wat hy eet nie, want dan hou hy niks vir homself oor nie. Dit is wat sal gebeur wanneer jou vyand jou beleër en jou laat swaarkry in al jou stede.

⁵⁶Die sagste en mees verfynde vrou by jou wat nie eers sal probeer om 'n voet op die grond te sit nie, so verfyn en sag is sy, sal vir haar man vir wie sy lief is, of vir haar seun of haar dogter niks omgee nie. Sy sal hulle nie laat eet

⁵⁷van die nageboorte of van die vleis van haar kinders wat sy in die wêreld gebring het nie. Sy sal alles in die geheim opeet, so honger sal sy wees. Dit sal gebeur wanneer jou vyand jou beleër en jou laat swaarkry in al jou stede.

⁵⁸“Sorg dat jy lewe volgens al die bepalings van hierdie wet wat in hierdie boek opgeteken is, dat jy eerbied betoon aan die Here jou God, Hy aan wie se Naam eer en ontsag toekom.

⁵⁹As jy dit nie doen nie, sal Hy ontsettende rampe oor jou en jou nageslag bring, groot en langdurige rampe, kwaadaardige en ongeneeslike siektes.

⁶⁰Hy sal al die siektes van Egipte oor jou bring, alles waarvoor jy bang is, en hulle sal ongeneeslik wees.

⁶¹Die Here sal ook al die siektes en rampe wat nie in hierdie wetboek genoem is nie, oor jou laat kom totdat Hy jou uitgeroei het.

⁶²“Julle was so baie soos die sterre aan die hemelruim, maar daar sal net 'n klompie van julle oorbly omdat jy nie die Here jou God gehoorsaam het nie.

⁶³“Soos die Here jou God Hom oor julle verbly het toe Hy aan julle goed gedoen en julle baie gemaak het, so sal Hy Hom verbly wanneer Hy julle tot niet maak en julle uitroei. Julle sal uitgeruk word uit die land waarheen jy gaan om dit in besit te neem.

⁶⁴Die Here sal jou verstrooi onder al die volke, oor die hele aarde. Daar sal jy ander gode dien wat jy en jou voorvaders nie geken het nie, gode van hout en klip.

⁶⁵Onder daardie nasies sal jy nie vrede vind nie, nie eers 'n rusplek vir jou voete nie. Die Here sal jou daar 'n hart vol angs gee, oë wat ingee, 'n lewe wat wegkwyn.

⁶⁶Jou lewe sal aan 'n draadjie hang, jy sal dag en nag in vrees lewe, jy sal jou lewe lank onveilig wees.

⁶⁷In die môre sal jy sê: ‘Was dit maar aand!’ en in die aand sal jy sê: ‘Was dit maar môre!’ so vol vrees sal jy wees en sulke vreeslike dinge sal jy belewe.

⁶⁸“Die Here sal jou met die pad waarvan ek vir jou gesê het jy sal dit nie meer sien nie, terugvat Egipte toe in groot ellende. Daar sal julle julleself aan jou

vyande as slawe en slavinne te koop aanbied, maar daar sal nie 'n koper wees nie.”

Deuteronomium 29

Die verbond in Moab

¹Behalwe die verbond wat Moses by Horeb met die Israeliete gesluit het, het hy op bevel van die Here ook in Moab 'n verbond met hulle gesluit. Hier volg die inhoud daarvan.

²Moses het die hele Israel bymekaargeroep en vir hulle gesê: “Julle het self ondervind wat die Here alles voor julle oë met Egipte, met die farao en al sy amptenare en met sy hele land gedoen het:

³die groot rampe wat julle self gesien het, die tekens, daardie groot wonderdade.

⁴En tog het die Here tot nou toe nie vir julle verstand gegee om te verstaan, oë om te sien en ore om te luister nie.

⁵Ek het julle veertig jaar deur die woestyn gelei: julle klere het nie aan julle liggame verslyt en julle skoene het nie stukkend afgeval van julle voete af nie.

⁶Julle het nie brood geëet en wyn of bier gedrink nie sodat julle kon leer dat die Here julle God is.

⁷Toe julle by hierdie plek aangekom het, het koning Sihon van Gesbon en koning Og van Basan opgetrek om teen ons oorlog te maak. Ons het hulle verslaan

⁸en hulle land afgevat en dit as besitting gegee aan Ruben en Gad en aan die halwe Manassestam.

⁹“Sorg dat julle doen wat hierdie verbond bepaal en lewe daarvolgens sodat julle voorspoedig sal wees in alles wat julle aanpak.

¹⁰Julle staan vandag almal in die teenwoordigheid van die Here julle God. Julle is almal hier: hoofde, stamme, leiers, beamptes, elke Israeliet,

¹¹ook julle kinders en julle vrouens, selfs die vreemdeling wat by julle in die laer is, dié wat julle hout vir julle moet kap, en dié wat julle water vir julle moet aandra.

¹²Julle staan hier sodat julle deel kan kry aan die verbond van die Here julle God wat Hy vandag onder eed met julle sluit,

¹³sodat Hy julle vandag sy volk kan maak en Hy julle God kan word, soos Hy julle beloof het en soos Hy met 'n eed beloof het aan julle voorvaders, Abraham, Isak en Jakob.

¹⁴Die Here het gesê: 'Dis nie net julle met wie Ek hierdie verbond onder eed sluit nie.'

¹⁵Hy sluit die verbond met almal wat vandag hier saam met ons voor Hom, die Here ons God staan, maar ook met hulle wat nie vandag hier saam met ons is nie.

¹⁶Julle weet hoe ons in Egipte gewoon het en hoe ons tussen die nasies deurgetrek het, en hoe julle waar julle verbygetrek het,

¹⁷hulle afskuwelike afgodsbeelde van hout en klip, van silwer en goud by hulle gesien het.

¹⁸Pas op dat daar nie dalk onder julle 'n man of 'n vrou, 'n familie of 'n stam is wat vandag afvallig word van die Here ons God en die gode van daardie nasies gaan dien nie. As daar so iemand is, so 'n gifwortel wat alles kan vergiftig,

¹⁹kan hy homself dalk probeer gerusstel wanneer hy hierdie woorde hoor, en kan hy dalk sê: 'Ek is veilig al volg ek my eie harde kop.' Maar dit sal lei tot ellende en swaarkry,

²⁰want die Here sal nie so iemand wil vergewe nie. Die toorn, die verontwaardiging van die Here, sal teen so iemand ontbrand en elke vloek wat in hierdie boek opgeteken is, sal hom tref. Die Here sal die herinnering aan so iemand van die aarde af wegvee.

²¹Die Here sal hom van die ander stamme van Israel afsonder sodat rampe hom kan tref ooreenkomstig die verbond wat met 'n eed gesluit en in hierdie wet opgeteken is.

²²“Wanneer die nageslag, julle kinders wat ná julle kom, en vreemdes wat van ver af kom, die plae in hierdie land sien en ook die siektes wat deur die Here daarin gebring word, sal hulle sê:

²³‘Die hele land is verbrand, dis swael en sout! Niemand saai daar nie, daar groei niks, daar kom nie eers 'n groenigheid op nie. Dit is verwoes soos Sodom en Gomorra, soos Adma en Sebojim wat deur die Here in sy gloeiende toorn verwoes is.’

²⁴“Dan sal al die nasies vra: ‘Waarom het die Here dit met hierdie land gedoen? Waarom het hierdie groot toorn ontvlam?’

²⁵Dan sal die antwoord wees: ‘Omdat die mense van hierdie land die verbond verbreek het wat die Here die God van hulle voorvaders met hulle gesluit het toe Hy hulle uit Egipte laat wegtrek het.

²⁶Hulle het ander gode gaan dien en vereer, gode wat onbekend was aan hulle en nie vir hulle bestem was nie.

²⁷Daarom het die toorn van die Here teen hierdie land ontvlam en het Hy al die strawwe wat in hierdie boek opgeteken is, oor die land gebring.

²⁸Daarom het die Here in sy gloeiende toorn en in sy groot woede die mense uit hulle land geruk en in 'n ander land neergegooi. Hulle is nou nog daar.’

²⁹“Wat nie geopenbaar is nie, is bekend aan die Here ons God, maar wat geopenbaar is, is vir altyd bekend aan ons en ons nageslag: ons moet lewe volgens al die woorde van hierdie wet.

Deuteronomium 30

¹“Wanneer al hierdie dinge, die seën en die straf wat ek jou voorgehou het, oor jou kom en jy daar tussen al die nasies waarheen die Here jou God jou verdryf het, daaraan dink

²en jy terugkom na die Here jou God en Hom gehoorsaam en jy en jou kinders met hart en siel doen wat ek jou vandag beveel het,

³sal die Here jou God jou omstandighede verander. Hy sal jou jammer kry en jou weer bymekaarmaak van oral af waarheen Hy jou tussen die volke verstrooi het.

⁴Al is jy verdryf tot in die uithoeke van die aarde, die Here jou God sal jou daar gaan bymekaarmaak en van daar af gaan haal.

⁵Hy sal jou terugbring na die land toe wat deur jou voorvaders besit is en jy sal dit in besit neem, en die Here sal aan jou goeddoen en jou meer laat word as jou voorvaders was.

⁶Die Here jou God sal jou lewe en die lewe van jou nageslag aan Hom wy, sodat jy Hom sal liefhê met hart en siel. Dan sal jy lewe,

⁷en die Here jou God sal al hierdie strawwe laat neerkom op jou vyande en op jou haters wat jou agtervolg.

⁸Dan sal jy terugkom na die Here en Hom gehoorsaam en volgens al sy gebooie lewe wat ek jou vandag beveel.

⁹⁻¹⁰Die Here jou God sal jou dan voorspoedig maak in alles wat jy aanpak en Hy sal jou kinders, die aanteel van jou vee en die opbrengs van jou land baie maak, sodat dit met jou goed sal gaan. Wanneer jy die Here jou God gehoorsaam en sy gebooie en voorskrifte nakom wat opgeteken is in hierdie wetboek, en wanneer jy met hart en siel terugkom na die Here jou God, sal Hy Hom weer oor jou verbly soos Hy Hom oor jou voorvaders verbly het en sal dit met jou goed gaan.

¹¹“Die gebod wat ek jou vandag beveel, is nie te moeilik vir jou nie. Dit is ook nie buite jou bereik nie.

¹²Dit is nie in die hemel nie, sodat jy nie hoef te sê: ‘Wie sal vir ons opklim hemel toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe’ nie.

¹³Dit is ook nie oorkant die see nie, sodat jy nie hoef te sê: ‘Wie sal vir ons oorvaar na die oorkant toe om die gebod vir ons te gaan haal en ons dit mee te deel sodat ons daarvolgens kan lewe’ nie.

¹⁴Die gebod is baie naby aan jou, jy kan daaroor praat, jy ken dit, jy kan daarvolgens lewe.

¹⁵“Ek het vandag die lewe en die voorspoed, die dood en die teenspoed aan jou voorgehou.

¹⁶As jy die Here jou God liefhet en sy wil doen deur sy gebooie, sy voorskrifte en sy bepalings wat ek jou vandag gegee het, te gehoorsaam, sal jy lewe en baie word en sal die Here jou God jou voorspoedig maak in die land wat jy in besit gaan neem.

¹⁷⁻¹⁸Maar ek verkondig vandag aan julle: As jy van die Here af wegdraai en Hom nie gehoorsaam nie en as jy jou laat verlei om ander gode te vereer en te dien, sal julle almal omkom; julle sal nie lank bly woon in die land wat jy in besit gaan neem sodra jy deur die Jordaan getrek het nie.

¹⁹Ek roep vandag die hemel en die aarde tot getuie teen julle dat ek die lewe en die dood aan jou voorgehou het, die seën en die straf. Kies die lewe, sodat jy en jou nageslag kan lewe.

²⁰Om die Here jou God lief te hê, Hom te gehoorsaam en Hom aan te hang, sal vir jou lewe gee en jou lank laat woon in die land wat die Here met 'n eed aan jou voorvaders Abraham, Isak en Jakob beloof het om aan hulle te gee.”

Deuteronomium 31

Josua word aangestel as Moses se opvolger

¹Moses het met die hele Israel gaan praat

²en vir hulle gesê: “Ek is nou honderd en twintig jaar oud, ek kan nie meer gaan oorlog maak nie. Die Here het vir my gesê: ‘Jy mag nie deur die Jordaan trek nie.’

³Die Here julle God sal voor julle uit deur die Jordaan trek en Hy sal hierdie nasies voor julle uitroei sodat julle hulle gebied in besit sal neem. Josua sal julle deurlei, soos die Here beloof het.

⁴Die Here sal met hierdie nasies doen soos Hy gedoen het met die Amoritiese konings Sihon en Og en met hulle land toe Hy hulle uitgeroei het.

⁵Die Here sal hierdie nasies in julle mag oorgee, en julle moet met hulle alles doen wat ek julle beveel het.

⁶Hou moed en wees dapper! Moenie bang wees nie, moenie vir hulle skrik nie, want die Here julle God gaan saam met julle. Hy sal julle nie in die steek laat nie, julle nie alleen laat nie.”

⁷Toe het Moses vir Josua geroep en vir hom gesê waar die hele Israel dit kon hoor: “Wees sterk, wees dapper! Jy gaan saam met hierdie volk in die land in wat die Here met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee. Jy moet hulle dit in besit laat neem.

⁸Die Here sal voor jou uit gaan. Hy sal by jou wees. Hy sal jou nie in die steek laat nie, jou nie alleen laat nie. Moenie bang wees nie, moenie skrik nie.”

⁹Moses het toe hierdie wet opgeskryf en dit gegee aan die Levitiese priesters wat die verbondsark van die Here dra, en ook aan al die leiers van Israel.

¹⁰Toe het Moses hulle beveel: “Aan die einde van elke sewende jaar, op die vasgestelde tyd, die jaar waarin julle skuld moet afskryf, op die huttefees,

¹¹wanneer die hele Israel in die teenwoordigheid van die Here julle God moet verskyn op die plek wat Hy sal kies, moet julle hierdie wet lees in die teenwoordigheid van die hele Israel waar hulle dit kan hoor.

¹²Julle moet die volk bymekaarroep: mans, vrouens en kinders, en ook die vreemdeling wat in julle stede by julle woon, sodat hulle kan luister en die wet kan leer, sodat hulle die Here julle God kan dien en gehoorsaam, sodat hulle kan leef volgens alles wat in hierdie wet staan.

¹³So sal hulle kinders wat nie hierdie wet ken nie, dit kan hoor en leer en sal hulle die Here julle God kan dien so lank as julle lewe in die land waarheen julle deur die Jordaan trek om dit in besit te gaan neem.”

¹⁴Die Here het vir Moses gesê: “Jou tyd om te sterf, het aangebreek. Roep vir Josua en gaan staan in die tent van ontmoeting sodat Ek hom sy bevele kan gee.” Moses en Josua het toe in die tent van ontmoeting gaan staan,

¹⁵en die Here het daar verskyn in 'n wolkkolom, 'n wolkkolom wat by die tentdeur bly hang het.

¹⁶Toe sê die Here vir Moses: “Jy gaan nou sterf. Daarna sal hierdie volk ontrou word en in die land waar hy gaan woon, die vreemde gode van die land aanhang. Die volk sal My verlaat en die verbond verbreek wat Ek met hom gesluit het.

¹⁷Dan sal my toorn teen hom ontvlam en Ek sal hulle verlaat en van hulle af weggaan. Ek sal nie aan hulle verskyn nie en die volk sal te gronde gaan. Baie plaie en rampe sal hom tref, en dan sal hy sê: ‘Hierdie plaie tref my omdat my God nie by my is nie.’

¹⁸Maar ook dan sal Ek nie aan hom verskyn nie, want hy het al hierdie verkeerde dinge gedoen en ander gode gaan dien.

¹⁹“Teken hierdie lied vir julle op en leer dit vir die Israeliete. Laat hulle dit sing sodat die lied my getuie teen hulle kan wees.

²⁰Wanneer Ek vir Israel gebring het in die land wat Ek aan sy voorvaders met 'n eed beloof het, die land wat oorloop van melk en heuning, sal Israel genoeg eet en lekker lewe en dan sal hy ander gode aanhang en hulle dien. Hulle sal My minag en my verbond verbreek.

²¹Wanneer baie plaie en rampe hom dan tref, sal hierdie lied teen hom getuig, want dit sal nie deur sy nageslag vergeet word nie. Ek weet wat daar vandag in Israel se hart omgaan, hier net voordat Ek hom inbring in die land waaroor Ek 'n eed afgelê het.”

²²Moses het daardie selfde dag nog die lied opgeteken en dit vir die Israeliete geleer.

²³Die Here het ook vir Josua seun van Nun beveel: “Wees sterk, wees dapper! Jy sal die Israeliete inbring in die land wat Ek met 'n eed aan hulle beloof het, en Ek sal by jou wees.”

²⁴Toe Moses hierdie wet, tot die laaste woord toe, in 'n boek opgeteken het,

²⁵het hy die Leviete wat die verbondsark van die Here dra, beveel:

²⁶“Vat hierdie wetboek en sit dit langs die verbondsark van die Here julle God. Dit moet daar bly om teen julle te getuig.

²⁷Ek weet hoe opstandig en hardkoppig julle is. Terwyl ek nog hier by julle in die lewe is, is julle al opstandig teen die Here, hoeveel te meer nog as ek eers dood is!

²⁸Maak vir my julle beamptes en al die leiers van julle stamme bymekaar sodat ek al hierdie woorde vir hulle kan sê en die hemel en die aarde as getuies teen hulle kan inroep.

²⁹Ek weet julle sal na my dood julle ondergang soek deur te verontagsaam wat ek julle beveel het. Wanneer julle in die toekoms doen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hom tart met wat julle doen, sal rampe oor julle kom.”

³⁰Toe het Moses hierdie lied, tot die laaste woord toe, aan die hele Israel wat daar bymekaar was, voorgehou:

Deuteronomium 32

Dink aan die dae lank verby

¹“Hoor, hemele, ek praat, luister na my woorde, aarde!

²My onderrig kom na julle toe soos reënwater, my woorde verkwik julle soos dou, soos sagte reëns op die grassies, soos reënbuie op die graan.

³Ek wil die Naam van die Here roem. Prys ons God om sy grootheid!

⁴Hy is die Rots, sy werk is volmaak, alles wat Hy doen, is regverdig. Hy is die getroue God, sonder onreg, Hy is regverdig en betroubaar.

⁵“Israel is ontrou aan die Here, nie meer sy kinders nie, nie geskik vir sy diens nie, vals en korrup.

⁶Doen julle dit die Here aan? Jy is 'n dwase volk, sonder verstand. Is die Here nie jou Vader, jou Skepper, nie? Hy het jou gemaak, jou in die lewe gebring.

⁷Dink aan die dae lank verby, onthou die jare van die voorgeslagte. Vra jou pa dat hy jou vertel, jou oumense dat hulle jou dit sê.

⁸Toe die Allerhoogste vir die nasies hulle besittings gegee het, toe Hy die mense in volke opgedeel het, het Hy vir hulle hulle grense bepaal, soveel as wat daar Israeliëte is.

⁹Hulle is die Here se volk, sy deel, Jakob is die Here se vaste eiendom.

¹⁰Hy het sy volk in die woestyn gevind, in 'n onbewoonbare land waar woestyndiere skreeu. Die Here het sy volk omhels, hom vertroetel en versorg soos die appel van sy oog.

¹¹Soos 'n arend wat sy kleintjies uit die nes uitskop, oor hulle fladder en hulle vang op sy vlerke wat hy oopsprei, soos 'n arend wat sy kuikens op sy vlerke dra,

¹²so het die Here, net Hy alleen, sy volk gelei; daar was nie 'n ander god by Hom nie.

¹³Die Here het sy volk die land in besit laat neem, en hom laat eet van die opbrengs van die lande, hom heuning uit klipskeure laat geniet, olie uit harde klip,

¹⁴botter uit die beestrop, melk van die kleinvee, vet lammers, skaapramme en bokramme uit Basan, die beste koring; die wyn wat jy drink, kom uit die beste druiwe.

¹⁵Jesurun het alles in oorvloed gehad; hy het in opstand gekom. Jy het oorvloed gehad, jy het dom geword, jy het jou ooreet. Hy het God wat hom gemaak het, verwerp, Hy was vermetel teen die Rots wat hom gered het.

¹⁶Israel het vreemde gode bo die Here verkies, Hom getart met hulle afskuwelike afgode,

¹⁷offers gebring aan veldduiwels, aan goed wat nie gode is nie, aan onbekende gode, nuwe gode wat van die bure af kom, gode wat onbekend was aan julle voorvaders.

¹⁸Jy het jou Rots, jou Skepper, nie in ag geneem nie, die God wat jou in die wêreld gebring het, vergeet.

¹⁹“Die Here het dit gesien en vir jou minagting gekry. Omdat sy seuns en dogters Hom getart het,

²⁰het Hy gesê: Ek sal nie meer vir hulle sorg nie, Ek wil kyk wat hulle uiteinde is, want hulle is 'n onbestendige volk, mense sonder trou.

²¹Hulle het iets wat nie 'n god is nie, bo My verkies, My getart met wat niks is nie. Ek sal wat nie 'n volk is nie, bo hulle verkies, met 'n nasie sonder verstand sal Ek hulle tart.

²²My toorn het 'n vuur aangesteek; dit brand tot in die doderyk daaronder, dit verteer die aarde en sy opbrengs, dit brand deur tot diep onder die berge.

²³Ek sal ramp op ramp oor hulle bring, my pyle op hulle afskiet:

²⁴hongerpyne, koorsgloed, ongeneeslike siekte. Ek sal roofdiere op hulle afstuur, en giftige slange!

²⁵Op straat roei die swaard die kinders uit, in die slaapkamers is daar angs: jong man en jong meisie, suigling en grysaard, almal kom om.

²⁶Ek sou wou sê Ek sal hulle verstrooi, Ek sal maak dat geen mens meer aan hulle dink nie,

²⁷maar Ek is bevrees die vyand sal My tart, Israel se teenstanders sal dit verkeerd beoordeel en sê: ‘In eie krag het ons dit alles gedoen, nie die Here nie,’

²⁸want hulle is 'n nasie sonder verstand, hulle het geen insig nie.

²⁹“As hulle wysheid gehad het, sou hulle dit verstaan het, sou hulle begryp het wat hulle uiteinde sal wees.

³⁰Hoe kan een mens duisend agtervolg of twee tienduisende op die vlug jaag? Gebeur dit nie omdat die Rots van Israel hulle verkoop het nie, omdat die Here hulle uitgelewer het nie?

³¹Die rots van die nasies is nie soos ons Rots nie, ons vyande kan tog self oordeel,

³²want hulle stam uit Sodom se wingerd, uit Gomorra se droë gelyktes. Hulle druiwe is giftig, elke tros is bitter.

³³Hulle wyn is slanggif, wrede addergif.

³⁴“Die Here het gesê: ‘Dit is weggebêre by My, toegesluit in my skure.

³⁵Ek straf en Ek vergeld op die dag as hulle voete gly. Die dag van hulle ondergang is naby; wat oor hulle besluit is, kom gou.’

³⁶“Die Here behartig die saak van sy volk, die Here ontferm Hom oor sy dienaars, want Hy sien hulle krag het ingegee, dit is klaar met hulle almal.

³⁷Dan sal Hy vra: ‘Waar is hulle gode? Waar is die rots waar hulle gaan skuil het,

³⁸die gode deur wie die vet van hulle offers geëet is en die wyn van hulle drankoffers gedrink is? Laat hulle na vore kom en julle help, laat hulle vir julle 'n skuiling wees!

³⁹Besef dit tog: Ek, Ek is die Here! Naas My is daar geen ander God nie. Ek maak dood en Ek gee lewe. Ek maak siek en Ek maak gesond. Uit my mag word niemand bevry nie.

⁴⁰Ek steek my hand op na die hemel toe en lê 'n eed af: So seker as Ek ewig lewe,

⁴¹wanneer Ek my blink swaard skerp gemaak het, wanneer my hand dit gevat het om te oordeel, sal Ek my teenstanders straf en my haters vergeld vir wat hulle gedoen het.

⁴²My swaard sal dood saai; Ek sal my pyle deurweek met bloed: die bloed van gesneuweldes en gevangenes, die bloed van die vyand met die lang haarlokke.’

⁴³“Al julle nasies, julle moet die volk van die Here roem, want Hy wreek die bloed van sy dienaars, Hy straf sy teenstanders, Hy bring vrede tussen Hom en sy land, tussen Hom en sy volk.”

⁴⁴Moses het nader gekom en hierdie hele lied aan die volk voorgehou. Josua seun van Nun was by hom.

⁴⁵Toe Moses hiermee klaar was,

⁴⁶het hy vir al die Israëliete gesê: “Neem al die woorde waarmee ek julle vandag vermaan het, ter harte. Julle moet julle kinders beveel om dit te gehoorsaam en te lewe volgens hierdie hele wet.

⁴⁷Dit is nie 'n geringe saak vir julle nie, dit is die lewe vir julle, en deur hierdie gebod te onderhou, sal julle julle verblyf verleng in die land wat julle in besit sal neem wanneer julle die Jordaan deurtrek.”

Moses moet sterf op Neboberg

⁴⁸Op dieselfde dag waarop Moses so met die Israëliete gepraat het, het die Here vir hom gesê:

⁴⁹“Klim op Neboberg in die Abarimberge in Moab regoor Jerigo en bekijk Kanaän wat Ek vir die Israëliete as besitting sal gee.

⁵⁰Jy sal sterf op die berg waarop jy moet klim. So het jou broer Aäron gesterf op Horberg.

⁵¹Julle was voor die oë van die Israëliete aan My ontrou by die waters van Meriba-Kades in die Sinwoestyn, want julle het My nie daar voor hulle oë as die Heilige geëer nie.

⁵²Jy sal die land wat Ek aan die Israëliete sal gee, regoor jou sien, maar jy sal daar nie binnegaan nie.”

Deuteronomium 33

Die ewige God is 'n skuilplek

¹Moses, die man van God, het die Israeliete voor sy dood met die volgende woorde geseën:

²Hy het gesê: “Die Here kom van Sinai af, Hy laat van Seir af sy lig oor sy volk skyn, laat dit deurbreek van Paranberg af. Hy kom van waar tienduisende hemelwesens woon, van waar hulle aan sy regterhand hulle plek het.

³“U, Here, het u volk lief, al die heiliges is in u hand. Hulle sit aan u voete, elkeen luister na u woorde.

⁴Moses het ons 'n wet gegee, dit is 'n besitting vir die volk van Jakob.

⁵Die Here het koning geword oor Jesurun toe die volksleiers, al die stamme van Israel, bymekaargekom het.

⁶“Ruben moet lewe, hy mag nie sterf nie; hy moet 'n groot volk word.”

⁷Oor Juda het Moses gesê: “Here, luister na Juda! Bring hom na sy volk toe; maak hom sterk, wees vir hom 'n hulp teen sy teenstanders.”

⁸Oor Levi het Moses gesê: “U tummim en u urim is toevertrou aan u troue dienaar, U het hom by Massa op die proef gestel, U het 'n saak teen hom gehad by die Meribawaters.

⁹Hy het van sy pa en ma gesê: ‘Ek hou nie rekening met hulle nie.’ Hy het sy broers nie erken nie, sy seuns nie as familie beskou nie. Die mense van Levi is gehoorsaam aan u bevele, hulle eerbiedig u verbond.

¹⁰Hulle sal vir Jakob in u bepalinge onderrig, vir Israel in u wet. Hulle sal wierookoffers voor U kom neersit, brandoffers op u altaar.

¹¹Seën sy werk, Here! Aanvaar wat hy doen! Tref sy teenstanders waar hulle krag sit, tref sy haters sodat hulle nie weer opstaan nie.”

¹²Oor Benjamin het Moses gesê: “Wie deur die Here bemin word, is veilig by Hom, skuil altyd by Hom en leef onder sy beskerming.”

¹³Oor Josef het Moses gesê: “Mag sy land deur die Here geseën word: met die beste uit die hemel, met dou en met die beste uit die water diep onder die grond,

¹⁴met die beste wat deur die son gegee kan word en met die beste wat deur elke maand opgelewer kan word,

¹⁵met die beste uit die gryse berge en met die beste uit die ou-ou heuwels,

¹⁶met die beste uit die aarde en wat daarop is en met die toegeneentheid van Hom wat woon in die doringbos. Mag dit alles op Josef kom, op hom wat heerser is oor sy broers.

¹⁷Hy sal trots wees soos 'n jong bul, so sterk soos 'n buffel. Hy sal volke met sy krag rondjaag, almal saam tot in die uithoeke van die aarde. Mag die tienduisende van Efraim so wees en ook die duisende van Manasse.”

¹⁸Oor Sebulon het Moses gesê: “Jy moet bly wees, Sebulon, as jy op pad gaan; Issaskar, jy moet bly wees as jy by die huis bly.

¹⁹“Hulle twee nooi volke na die berg toe en offer daar die offers wat voorgeskryf is. Hulle twee geniet die oorvloed uit die see, die skatte wat deur die sand bedek word.”

²⁰Oor Gad het Moses gesê: “Geseënd is elkeen wat vir Gad woonplek gee. Hy lê soos 'n leeu, sterkes en leiers is sy prooi.

²¹Gad het die beste vir hom gekies, want sy land is 'n uitsoekdeel, 'n terrasland. Gad het met die leiers van die volk gekom en die wil van die Here gedoen en saam met Israel die bepalings van die Here nagekom.”

²²Oor Dan het Moses gesê: “Dan is 'n jong leeu, hy bespring sy prooi van Basan af.”

²³Oor Naftali het Moses gesê: “Naftali geniet baie guns, hy word ryklik geseën deur die Here en besit die see en die suide.”

²⁴Oor Aser het Moses gesê: “Aser is meer geseënd as die ander seuns, hy is die gunsteling onder sy broers en hy sal sy voete met olie was.

²⁵Jou sluitbalke is van yster en brons. Mag jy jou lewe lank rustig woon.

²⁶“Jesurun, daar is niemand soos God nie, Hy ry deur die hemel om jou te kom help, in sy majesteit ry Hy op die wolke.

²⁷Die ewige God is 'n skuilplek, sy arms is altyd onder jou. Hy verdryf die vyand voor jou uit, Hy beveel: ‘Roei uit!’

²⁸Daarom woon Israel rustig, woon die nasate van Jakob eenkant in 'n land van koring en wyn en drup die hemel dou.

²⁹Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is 'n volk wat deur die Here verlos is! Hy beskerm en help jou. Hy gee mag aan jou, jou vyande kruip voor jou, en jy sal oor hulle offerplekke stap.”

Deuteronomium 34

Moses sterf op Neboberg

¹Moses het uit die Moabsvlakte opgeklim na Neboberg toe, tot op die top van Pisgaberg regoor Jerigo. Die Here het hom die hele land gewys: van Gilead af tot by Dan,

²die hele Naftali, die gebied van Efraim en Manasse en die hele Juda tot by die see in die weste,

³die Suidland en die vlakte, die Jerigolaagte met sy palms tot by Soar.

⁴Die Here het vir Moses gesê: “Dit is die land wat Ek met 'n eed beloof het aan Abraham en Isak en Jakob. Ek het gesê: ‘Ek gee dit aan jou nageslag.’ Ek het jou dit met jou eie oë laat sien, maar jy sal nie daarheen deurtrek nie.”

⁵Moses, die dienaar van die Here, het daar in die land Moab gesterf soos die Here beveel het.

⁶Hy het vir Moses begrawe in 'n vlakte in Moab, regoor Bet-Peor, maar tot nou toe weet niemand waar sy graf is nie.

⁷Moses was honderd en twintig jaar toe hy gesterf het; sy oë was toe nog goed en sy krag het nog nie ingegee nie.

⁸Die Israeliete het dertig dae oor Moses gerou in die Moabsvlakte en so die routyd oor Moses voltooi.

⁹Josua seun van Nun het oor wysheid beskik, want Moses het sy hande op Josua gelê. Die Israeliete het hom gehoorsaam en hulle het gedoen wat die Here vir Moses beveel het.

¹⁰Daar het nie weer 'n profeet in Israel opgetree wat soos Moses was nie. Hy het die Here persoonlik geken.

¹¹Die Here het hom gestuur om in Egipte al die tekens en wonders vir die farao en sy amptenare en sy hele land te doen.

¹²Moses het al die magtige dade, al die groot dade wat vrees inboesem, voor die oë van die hele Israel gedoen.

Josua

Josua 1

Die opdrag aan Josua

¹Na die dood van Moses, die dienaar van die Here, het die Here vir Josua, seun van Nun en assistent van Moses, gesê:

²“Moses my dienaar is dood. Maak jy nou gereed en trek deur die Jordaanrivier, jy en hierdie hele volk. Gaan na die land toe wat Ek aan hulle, die Israeliete, gee.

³Soos Ek vir Moses gesê het, gee Ek aan julle elke plek waar julle kom:

⁴van die woestyn af en van die Libanon af tot aan die groot rivier, die Eufraat, die hele gebied van die Hetiete tot aan die Groot See in die weste, alles sal julle woongebied wees.

⁵“Solank jy lewe, sal niemand bestand wees teen jou nie. Soos Ek by Moses was, so sal Ek by jou wees. Ek sal jou nie in die steek laat nie, jou nie verlaat nie.

⁶Wees sterk, wees vasberade, want jy moet hierdie volk die land in besit laat neem wat Ek met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het.

⁷“Wees veral sterk en baie vasberade in die uitvoering van die wet wat my dienaar Moses jou beveel het. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie. Dan sal jy voorspoedig wees, waar jy ook al gaan.

⁸Hierdie wetboek moet die rigsgaaf wees vir alles wat jy sê. Oordink dit dag en nag en sorg dat jy alles uitvoer wat daarin geskryf staan. Dan sal jy slaag in wat jy moet doen, jy sal voorspoedig wees.

⁹Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan.”

Josua se bevele aan die volk

¹⁰Josua het die beamptes van die volk beveel:

¹¹“Gaan die kamp deur en sê vir die mense: Maak vir julle padkos gereed, want oor drie dae trek julle deur die Jordaan en gaan julle die land in besit neem wat die Here julle God julle as besitting gee.”

¹²Vir die stamme Ruben en Gad en vir die halwe Manassestam het Josua gesê:

¹³“Julle onthou die woorde van Moses die dienaar van die Here. Hy het vir julle gesê: ‘Die Here julle God sal vir julle 'n vaste woonplek gee; Hy sal julle hierdie gebied gee.’

¹⁴Julle vrouens en kinders en julle vee kan in die gebied aan hierdie kant van die Jordaan bly wat Moses aan julle toegeken het, maar julle, elke weerbare man, moet in formasie voor julle volksgenote uit optrek en hulle help.

¹⁵Eers nadat die Here aan julle volksgenote 'n vaste woonplek gegee het soos vir julle, en hulle ook die gebied in besit geneem het wat die Here julle God aan hulle gee, kan julle terugkom. Dan kan julle julle eie gebied wat Moses die dienaar van die Here aan julle oos van die Jordaan toegeken het, in besit neem.”

¹⁶Hulle het Josua geantwoord: “Ons sal alles doen wat u ons opdra, ons sal gaan waar u ons ook al stuur.

¹⁷Soos ons aan Moses gehoorsaam was, so sal ons aan u gehoorsaam wees. Mag die Here u God by u wees soos Hy by Moses was.

¹⁸Elke man wat hom teen u bevele verset en nie gehoorsaam is aan al die bevele wat u gee nie, sal doodgemaak word. Wees u net sterk en vasberade.”

Josua 2

Die verkenners in Jerigo

¹Josua seun van Nun het van Sittim af in die geheim twee verkenners uitgestuur en vir hulle gesê: “Gaan kyk die land deur, veral Jerigo.” Hulle is toe weg en het uitgekom by die huis van 'n prostituut met die naam Ragab en daar tuis gegaan.

²Die koning van Jerigo het berig gekry dat daar in die nag van die Israëliete af mense aangekom het om die land te verken,

³en hy het vir Ragab laat weet: “Lewer die manne uit wat na jou toe, na jou huis toe, gekom het. Hulle is hier om die land te verken.”

⁴Die vrou het die twee manne weggesteek en vir die koning laat weet: “Daar het manne by my aangekom, maar ek weet nie waarvandaan hulle is nie.

⁵Hulle het met donker vertrek toe dit tyd was vir die stadspoort om te sluit, en ek weet nie waarheen hulle is nie. Maak gou en agtervolg hulle. Miskien haal u hulle in.”

⁶Sy het die twee manne intussen op die dak laat klim en hulle weggesteek onder die vlasstoppels wat sy daar oopgesprei het.

⁷Die koning se manne het na die twee verkenners gaan soek op die pad na die Jordaan toe, in die driewe se rigting. Nadat die agtervolgers weg is agter die verkenners aan, is die stadspoort gesluit.

⁸Voor die verkenners aan die slaap geraak het, is die vrou na hulle toe op die dak

⁹en het sy vir hulle gesê: “Ek weet die Here gee vir julle die land; ons is skrikbevange vir julle, al die inwoners van die land bewe van vrees vir julle.

¹⁰Ons het gehoor hoe die Here die water van die Rietsee voor julle laat wegdroog het met julle trek uit Egipte, en ook wat julle met die twee konings van die Amoriete oorkant die Jordaan, met Sihon en Og, gedoen het, hoe julle hulle voor die voet uitgeroei het.

¹¹Ons het dit gehoor en ons harte het van angs verstyf. Niemand het nog moed teen julle nie, want julle God, die Here, is God, bo in die hemel en onder op die aarde.

¹²“Ek het julle goed behandel. Lê dan nou vir my 'n eed voor die Here af dat julle my familie ook goed sal behandel, en gee my 'n betroubare aanduiding

¹³dat julle my pa en ma, my broers en susters en almal wat by hulle hoort, se lewens sal spaar en ons so van die dood sal red.”

¹⁴Toe sê die manne vir haar: “Ons staan met ons eie lewe in vir julle s'n. As julle nie oor ons praat nie en die Here gee ons die land, sal ons jou goed behandel en ons woord hou.”

¹⁵Sy het hulle met 'n tou deur die venster laat afsak; haar huis was in die stadsmuur ingebou, sodat sy in die muur gewoon het.

¹⁶Haar woorde aan hulle was: “Gaan die berge in sodat die mense wat na julle soek, julle nie raakloop nie. Kruip drie dae daar weg tot hulle die soektog staak. Daarna kan julle julle koers gaan.”

¹⁷Die manne het vir haar gesê: “Die eed wat jy ons laat aflê het, sal ons net bind

¹⁸as jy, wanneer ons die stad aanval, hierdie bloedrooi tou vasbind aan die venster waardeur jy ons laat afsak, en jou pa en ma, jou broers en jou hele familie by jou in die huis bymekaarhou.

¹⁹Enigene wat by jou huis se deure uitgaan buitentoe, sal self vir sy dood verantwoordelik wees, nie ons nie. Ons hou ons verantwoordelik vir enigeen wat by jou in die huis is; daar sal nie 'n hand teen hom gelig word nie.

²⁰En as jy oor ons praat, is ons nie gebind aan die eed wat jy ons laat aflê het nie.”

²¹Sy het gesê: “Laat dit wees soos julle gesê het,” en sy het hulle laat gaan en hulle is weg. Sy het toe die bloedrooi tou aan die venster vasgebind.

²²Hulle het vertrek en is die berge in. Daar het hulle drie dae gebly tot die mense wat hulle gaan soek het, teruggekom het. Die mense het langs die hele pad gesoek en niks gekry nie.

²³Daarna het die twee manne uit die berge teruggekom en is hulle die rivier oor na Josua seun van Nun toe. Hulle het hom alles vertel wat met hulle gebeur het.

²⁴Hulle het vir Josua gesê: “Die Here gee die hele land oor in ons mag. Al die inwoners van die land bewe van vrees vir ons.”

Josua 3

Die Israeliete steek die Jordaan oor

¹Josua het die môre vroeg van Sittim af vertrek en by die Jordaan aangekom, hy en al die Israeliete. Hulle het daar oorgebly voor hulle deur die rivier sou trek.

²Na drie dae het die beamptes die kamp deurgegaan

³en die volk beveel: “Wanneer julle sien die Levitiese priesters dra die verbondsark van die Here julle God, moet julle van julle staanplekke af vertrek en die ark volg,

⁴sodat julle kan weet watter pad om te gaan, want julle het nie vantevore met dié pad langs gegaan nie. Maar daar moet 'n behoorlike afstand wees tussen julle en die ark, omtrent nege honderd meter. Moenie te naby hom kom nie.”

⁵Josua het vir die volk gesê: “Reinig julle, want môre gaan die Here wonders doen tussen julle.”

⁶Vir die priesters het Josua gesê: “Tel die verbondsark op en stap voor die volk uit.” Hulle het die verbondsark opgetel en voor die volk uit geloop.

⁷Toe sê die Here vir Josua: “Ek begin vandag om vir jou hoë aansien in die oë van die hele Israel te gee sodat hulle kan weet dat Ek by jou is soos Ek by Moses was.

⁸Sê nou vir die priesters wat die verbondsark dra, hulle moet by die Jordaan gaan staan wanneer hulle by die waterkant kom.”

⁹Josua het vir die Israeliete gesê: “Kom nader, luister na die woorde van die Here julle God! ”

¹⁰Daarna sê hy: “Hieraan sal julle weet dat die lewende God tussen julle is en dat Hy die Kanaäniete, Hetiete, Hewiete, Feresiete, Girgasiete, Amoriëte en Jebusiete sekerlik sal verdryf om vir julle plek te maak:

¹¹kyk, die verbondsark van die Here van die hele aarde sal voor julle uit die Jordaan in gaan.

¹²Wys nou twaalf man aan uit die stamme van Israel, een uit elke stam.

¹³Wanneer die voetsole van die priesters aan die Jordaan se water raak, die priesters wat die ark van die Here dra, die Here van die hele aarde, sal die water van die Jordaan wat afkom, afgesny word en op een hoop gaan staan.”

¹⁴Die volk het toe van hulle tente af vertrek om deur die Jordaan te trek. Die priesters wat die verbondsark gedra het, was voor hulle.

¹⁵Die draers van die ark het by die Jordaan aangekom. Gedurende die hele oestyd is die Jordaan gewoonlik vol, oor al sy oewers. Toe die voete van die priesters wat die ark dra, in die vlakwater kom,

¹⁶het die water wat afkom, gaan staan. Dit het op een hoop gaan staan, ver boontoe by Adam, die stad langs Saretan. Die water wat afloop na die see in die Jordaanvallei, die Soutsee, was heeltemal afgesny. Die volk het regoor Jerigo deurgetrek.

¹⁷Die priesters wat die verbondsark van die Here dra, het daar binne in die Jordaan op die droë bedding gaan staan terwyl die hele Israel oor die droë bedding deurgaen tot die hele nasie uiteindelik deur die Jordaan is.

Josua 4

¹Nadat die hele nasie deur die Jordaan is, het die Here vir Josua gesê:

²“Neem nou die twaalf man uit die volk, een uit elke stam,

³en sê vir hulle: Vat hier uit die Jordaan, op die plek waar die priesters gestaan het, twaalf klippe en neem hulle saam met julle deur en sit hulle neer op die plek waar julle vannag oorbly.”

⁴Josua roep toe die twaalf man wat hy uit die Israëliete aangewys het, een uit elke stam,

⁵en hy sê vir hulle: “Gaan by die ark van die Here julle God verby tot in die middel van die Jordaan en tel elkeen 'n klip op die skouer, in ooreenstemming met die getal stamme van die Israëliete.

⁶Dit moet onder julle as 'n teken dien. Wanneer julle kinders julle eendag vra: 'Wat beteken hierdie klippe vir u? '

⁷moet julle vir hulle sê die Jordaan se water is voor die verbondsark van die Here afgesny; toe die ark deur die Jordaan moes gaan, is die rivier se water afgesny; daarom is hierdie klippe vir die Israeliete 'n blywende herinnering daaraan."

⁸Die Israeliete het gemaak soos Josua gesê het. Hulle het die twaalf klippe in ooreenstemming met die getal stamme van Israel gevat soos die Here vir Josua gesê het, dit met hulle saam deurgeneem na die plek toe waar hulle sou oornag en dit daar neergesit.

⁹Josua het ook twaalf klippe binne-in die Jordaan opgerig, op die plek waar die priesters gestaan het wat die verbondsark gedra het. Die klippe is vandag nog daar.

¹⁰Die priesters wat die verbondsark gedra het, het in die Jordaan bly staan tot alles afgehandel was wat die Here vir Josua opgedra het om vir die volk te sê in ooreenstemming met alles wat Moses vir Josua beveel het. Die volk was haastig om deur te gaan.

¹¹Toe die volk klaar deur is, het die ark van die Here deurgegaan. Die priesters was voor die volk.

¹²Die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam het, soos Moses hulle beveel het, in formasie voor die Israeliete getrek.

¹³Omtrent veertig duisend gewapende manne het vir die oorlog die rivier deurgegaan voor die ark van die Here uit na die Jerigovlakte toe.

¹⁴Die Here het daardie dag aan Josua hoë aansien gegee in die oë van die hele Israel. Hulle het sy lewe lank aan hom eerbied betoon soos aan Moses.

¹⁵Die Here het vir Josua gesê:

¹⁶"Sê vir die priesters wat die ark met die getuienis dra, hulle moet uit die Jordaan kom."

- ¹⁷Josua het toe die priesters beveel om uit die Jordaan te kom,
- ¹⁸en toe die priesters wat die verbondsark van die Here dra, uit die Jordaan kom en hulle voetsole die grond aan die kant raak, het die rivier se waters weer op hulle ou plek begin loop. Soos tevore het hy weer al sy oewers oorstroom.
- ¹⁹Die volk het op die tiende dag van die eerste maand uit die Jordaan gekom en kamp opgeslaan in Gilgal, oos van Jerigo.
- ²⁰Josua het die twaalf klippe wat hulle uit die Jordaan saamgebring het, in Gilgal opgestel
- ²¹en vir die Israeliete gesê: “As julle kinders eendag hulle pa's vra: ‘Wat beteken daardie klippe?’
- ²²moet julle die kinders inlig en sê: Israel het op droë grond deur hierdie Jordaanrivier gegaan.
- ²³Die Here julle God het die Jordaan se water voor julle laat opdroog sodat julle kon deurgaen, net soos Hy met die Rietsee gemaak het toe Hy dit voor ons laat opdroog het sodat ons kon deurgaen.
- ²⁴Hy het dit gedoen sodat al die volke van die aarde kan besef dat die mag van die Here groot is, en sodat julle die Here julle God altyd sal dien.

Josua 5

¹“Toe al die konings van die Amoriëte wes van die Jordaan en al die konings van die Kanaäniete aan die see hoor dat die Here die water van die Jordaan voor die Israeliete laat opdroog het sodat ons kon deurgaen, het hulle harte van angs verstyf en het hulle nie meer moed teen die Israeliete gehad nie.”

Die besnydenis by Gilgal

- ²In dié tyd het die Here vir Josua gesê: “Maak vir jou klipmesse en besny die Israeliete. Daar moet weer 'n besnydenis wees.”
- ³Josua het toe vir hom klipmesse gemaak en hy het die Israeliete besny. Die plek is genoem die Heuwel van die Besnydenis.

⁴Die rede waarom Josua die besnydenis moes uitvoer, is die volgende: die hele volk wat uit Egipte getrek het, die mans, al die weerbare manne, is op pad in die woestyn dood met die uittog uit Egipte;

⁵al die mense wat destyds getrek het, was besny, maar die mense wat in die woestyn onderweg gebore is tydens die uittog uit Egipte, was nie een besny nie;

⁶die Israëliete het veertig jaar lank in die woestyn rondgetrek, totdat die hele nasie uitgesterf het, dit wil sê die weerbare manne wat uit Egipte getrek het en ongehoorsaam was aan die opdrag van die Here. Hy het destyds 'n eed afgelê dat hulle nie die land sou sien wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee nie, 'n land wat oorloop van melk en heuning;

⁷Hy het daardie mense se kinders in hulle plek gestel en vir hulle het Josua besny, want hulle was nog nie besny nie, hulle is nie langs die pad besny nie.

⁸Nadat die hele nasie klaar besny is, het hulle eers in die kamp gebly tot hulle gesond was.

⁹Die Here het vir Josua gesê: “Vandag het Ek julle bevry van die smaad wat van Egipte se tyd af op julle rus.” Josua het die plek toe Gilgal genoem. Dit is vandag nog die naam.

Die paasfees

¹⁰Terwyl die Israëliete nog in Gilgal in die kamp was, het hulle die paasfees daar in die Jerigovlakte gevier, op die veertiende van die maand, in die aand.

¹¹Die oggend na paasfees, presies op dié dag, het hulle ongesuurde brood en gebraaide koring, van die opbrengs van die land, geëet.

¹²Daardie oggend toe hulle van die opbrengs van die land eet, het die manna weggebly; daar was nie weer manna vir die Israëliete nie: hulle het daardie jaar van die land Kanaän se eie oes geëet.

Die leëraanvoerder van die Here

¹³Josua was naby Jerigo. Toe hy sien, staan daar 'n man voor hom met 'n ontblote swaard in die hand. Josua het na hom toe gegaan en hom gevra: “Is u aan ons kant of aan ons vyande s'n? ”

¹⁴“Nee,” sê die man, “ek is die aanvoerder van die leer van die Here. Daarom is ek hier.” Josua het diep gebuig en vir die man gesê: “Wat wil u aan my, u dienaar, sê? ”

¹⁵Toe sê die leëraanvoerder van die Here vir Josua: “Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is 'n gewyde plek.” Josua het dit gedoen.

Josua 6

Die inname van Jerigo

¹Jerigo was gesluit en verskans teen die Israeliete; niemand het uitgegaan of ingekom nie.

²Die Here het vir Josua gesê: “Ek gaan Jerigo, sy koning en sy soldate nou in jou mag oorgee.

³Julle moet om die stad loop; al die manne onder wapen moet een maal om die stad gaan, en dit moet julle ses dae lank doen.

⁴Sewe priesters moet elkeen 'n ramshoring voor die ark uit dra. “Die sewende dag moet julle sewe maal om die stad loop. Dan moet die priesters die ramshorings blaas,

⁵en sodra die ramshorings blaas en julle dit hoor, moet al die manskappe die aanvalskreet hard uitskreeu. Die muur van die stad sal dan inmekaar stort en die manskappe kan oorklim, elkeen reguit vorentoe.”

⁶Josua seun van Nun het die priesters geroep en vir hulle gesê: “Vat die verbondsark en laat sewe priesters elkeen 'n ramshoring voor die ark van die Here uit dra.”

⁷Vir die manskappe het hy gesê: “Kom verby en loop om die stad. Die gewapende manne moet verbygaan voor die ark van die Here uit.”

⁸Josua was nog besig om met die manskappe te praat, toe kom die sewe priesters wat elkeen 'n ramshoring voor die ark van die Here uit moes dra, verby en blaas die ramshorings terwyl die verbondsark van die Here agter hulle aan kom.

⁹Die gewapende manne het voor die priesters geloop wat die ramshorings blaas, en die agterhoede het die ark gevolg. Terwyl hulle loop, het die ramshorings geblaas.

¹⁰Josua het die manskappe beveel: “Julle moenie skreeu of 'n geluid laat hoor nie; nie 'n woord moet uit julle mond kom voor die dag dat ek vir julle sê: ‘Skreeu!’ nie, dan moet julle skreeu.”

¹¹Josua het die ark van die Here toe om die stad laat gaan. Toe dit een maal om was, het hulle na die kamp toe teruggegaan en die nag in die kamp deurgebring.

¹²Die volgende môre het Josua vroeg begin. Die priesters het die ark van die Here gedra.

¹³Die sewe priesters wat elkeen 'n ramshoring voor die ark van die Here uit moes dra, het die ramshorings geblaas terwyl hulle loop; die gewapende manne het voor hulle geloop, en die agterhoede het die ark van die Here gevolg. Terwyl hulle loop, het die ramshorings geblaas.

¹⁴Hulle het die tweede dag een maal om die stad geloop en het toe teruggegaan kamp toe. Dit het hulle ses dae gedoen.

¹⁵Die sewende dag het hulle vroeg, toe die rooidag breek, begin. Hulle het sewe maal om die stad gegaan, in dieselfde volgorde as tevore. Daardie dag het hulle dus sewe maal om die stad gegaan.

¹⁶Na die sewende maal het die priesters die ramshorings geblaas. Josua het vir die manskappe gesê: “Skreeu! Die Here gee die stad aan julle oor!”

¹⁷Dit moet heeltemal uitgedelg word as banoffer vir die Here: die stad en al wat daarin is, behoort aan die Here. Net die prostituut Ragab mag lewe, sy en

almal by haar in die huis, want sy het die verkenners wat deur ons uitgestuur is, weggesteek.

¹⁸Maar weerhou julle van wat aan die Here behoort. Moet niks vat van wat aan Hom behoort en vernietig moet word nie, anders maak julle dat die kamp van Israel self vernietig moet word en bring julle die dood daaroor.

¹⁹Die silwer en goud en die brons- en ystergoed in die stad is alles aan die Here gewy. Dit moet in die skatkis van die Here kom.”

²⁰Toe skreeu die manskappe en die ramshorings blaas. Net toe die manskappe die ramshorings hoor, het hulle die aanvalskreet hard uitgeskreeu. Toe stort die mure inmekaar en die manskappe gaan oor, die stad in. Hulle het die stad ingeneem

²¹en al wat daarin is, uitgedelg, man en vrou, jonk en oud, selfs die beeste, die skape en die donkies.

²²Vir die twee manne wat die land moes verken, het Josua gesê: “Gaan na die huis van die prostituut toe en bring die vrou en al haar mense uit soos julle haar met 'n eed beloof het.”

²³Die verkenners het toe gegaan en vir Ragab, haar pa en ma, haar broers en al haar mense, haar hele familie, uitgebring en vir hulle 'n plek buite die kamp van Israel ingerig.

²⁴Die stad met alles daarin is verbrand, net die silwer en goud en die brons- en ystergoed is in die skatkis van die huis van die Here gesit.

²⁵Josua het die prostituut Ragab en haar familie, al haar mense, laat lewe. Sy het tussen die Israëliete gewoon, en haar nageslag woon nou nog hier, omdat sy die manne vir wie Josua gestuur het om Jerigo te verken, weggesteek het.

²⁶Josua het destyds plegtig verklaar: “Die Here sal die man straf wat dié stad, Jerigo, probeer herbou. Dit sal hom sy oudste seun kos as hy die fondament lê en sy jongste as hy die poortdeure hang.”

²⁷Die Here was by Josua. Josua was oor die hele land bekend.

Josua 7

Die neerlaag teen Ai en die straf van Akan

¹Die Israeliete het troueloos gehandel met die banoffer wat aan die Here behoort het. Akan seun van Karmi, seun van Sabdi, seun van Serag uit die Judastam, het van die goed wat aan die Here gewy was, gevat en daardeur het die toorn van die Here teen die Israeliete ontvlam.

²Josua het van Jerigo af manne gestuur na Ai toe, naby Bet-Awen, oos van Bet-El, en vir hulle gesê: “Gaan verken die land.” Die manne is toe weg en het Ai verken.

³Toe hulle by Josua terugkom, sê hulle vir hom: “Dit is nie nodig dat al die manskappe gaan nie. So twee of drie duisend man kan gaan en Ai inneem. Die manskappe hoef hulle nie almal daar te gaan moeg maak nie, daar is min mense in Ai.”

⁴Daar het toe omtrent drie duisend man daarheen opgetrek, maar hulle moes op die vlug slaan vir die mense van Ai,

⁵en dié het omtrent ses en dertig van hulle doodgemaak. Die mense van Ai het van die stadspoort af op hulle hakke gebly tot by die klipskeure en hulle daar teen die afdraand doodgemaak. Die volk se moed is gebreek,

⁶en Josua het sy klere geskeur en tot die aand toe met sy gesig in die grond gelê voor die ark van die Here, hy en die leiers van Israel. Hulle het stof op hulle koppe gegooi.

⁷Daarna het Josua gesê: “Ag, Here, waarom het U eintlik hierdie volk oor die Jordaan gebring? Om ons in die mag van die Amoriete oor te gee dat hulle ons kan uitroei? Het ons tog maar liever oorkant die Jordaan gebly!

⁸Here, wat moet ek sê nou dat Israel vir sy vyande moes vlug?

⁹Die Kanaäniete en al die inwoners van die land sal daarvan hoor en ons omsingel en alle gedagtenis aan ons uit die land uitroei! Wat sal U dān doen om die grootheid van u Naam te verseker? ”

¹⁰Toe sê die Here vir Josua: “Staan op. Hoekom lê jy met jou gesig in die grond?

¹¹Israel het gesondig en my verbond wat Ek hulle opgelê het, verbreek. Hulle het van die goed wat aan My gewy is, gevat, hulle het gesteel, hulle het gelieg en van die goed by hulle s'n gesit.

¹²Daarom kan die Israeliete nie teen hulle vyande staande bly nie; hulle vlug vir hulle vyande omdat hulle nou self mense geword het wat vernietig moet word. As julle nie al die gewyde goed tussen julle verwyder nie, sal Ek nie meer by julle bly nie.

¹³Staan op, reinig die volk, sê vir hulle: Reinig julle vir môre, want so sê die Here die God van Israel: Daar is gewyde goed tussen julle, Israel. Julle kan nie teen julle vyande staande bly as julle nie die gewyde goed tussen julle verwyder nie.

¹⁴Kom môre nader volgens julle stamme; die stam wat deur die Here aangewys word, moet volgens families nader kom, die familie wat deur die Here aangewys word, moet volgens gesinne nader kom, en die gesin wat deur die Here aangewys word, moet man vir man nader kom.

¹⁵Die man wat gevang word met die gewyde goed, moet verbrand word, hy en al sy mense, want hy het die verbond van die Here verbreek en 'n roekelose sonde in Israel begaan.”

¹⁶Josua het die môre vroeg opgestaan en Israel volgens stamme laat nader kom. Die stam Juda is aangewys.

¹⁷Toe hy die families uit Juda laat nader kom, is die Seragfamilie aangewys, en toe hy die Seragfamilie man vir man laat nader kom, is Sabdi aangewys.

¹⁸Toe hy die gesin van Sabdi man vir man laat nader kom, is Akan seun van Karmi, seun van Sabdi, seun van Serag uit die Judastam aangewys.

¹⁹Josua het vir Akan gesê: “My seun, gee tog aan die Here die God van Israel die eer wat Hom toekom en doen belydenis voor Hom. Sê my wat jy gedoen het, moet dit nie vir my wegsteek nie.”

²⁰Toe sê Akan vir Josua: “Dit is waar. Ek het gesondig teen die Here die God van Israel. Wat ek gedoen het, is dit:

²¹Ek het onder die buit pragtige klere uit Sinar gesien en ook sowat twee kilogram silwer en 'n staaf goud van meer as 'n halwe kilogram; ek wou dit baie graag hê en ek het dit gevat. Dit is in die grond in my tent begrawe. Die silwer is heel onder.”

²²Josua het mense gestuur, en hulle het na die tent toe gehardloop en daar kry hulle toe die goed in Akan se tent, die silwer onder.

²³Hulle het die goed uitgehaal en na Josua en al die Israeliete toe gebring. Toe hulle dit daar voor die Here uitskud,

²⁴vat Josua en die hele Israel saam met hom vir Akan seun van Serag en bring hom na die Akorlaagte toe, en ook die silwer, die klere en die staaf goud, Akan se seuns en dogters, sy beeste, sy donkies, sy kleinvee, sy tent, alles wat aan hom behoort.

²⁵Josua het gesê: “Jy het die dood oor óns gebring, vandag bring die Here die dood oor jóú! ” Die hele Israel het toe vir Akan met klippe doodgegooi en hom en sy mense en sy besittings verbrand en met klippe toegegooi.

²⁶Hulle het 'n groot hoop klippe bo-oor gepak. Dit is vandag nog daar. Daarna het die Here se toorn bedaar. Hulle noem die plek tot vandag toe die Akorlaagte.

Josua 8

Die inname van Ai

¹Die Here het vir Josua gesê: “Moenie bang wees nie, moenie bekommerd wees nie. Neem al die manskappe met jou saam en trek op teen Ai. Ek gee die koning van Ai, sy volk, sy stad, sy land nou aan jou oor.

²Jy moet met Ai en sy koning doen soos jy met Jerigo en sy koning gedoen het. Net die buit en die vee kan julle vir julle vat. Laat van die manskappe hulle agter die stad versteek.”

³Josua en al die manskappe het toe klaargemaak om teen Ai op te trek. Josua het dertig duisend dapper manne gekies en hulle in die nag gestuur

⁴en hulle beveel: “Julle moet julle agter die stad versteek, nie te ver van die stad af nie, en julle moet gereed wees.

⁵Ek en al die manskappe by my sal na die stad toe aankom, en as hulle ons tegemoet kom, soos die vorige keer, sal ons vir hulle vlug.

⁶Hulle sal agter ons aan kom en so sal ons hulle van die stad af weglok. Hulle sal dink ons vlug vir hulle soos die vorige keer. Ons sal vir hulle vlug,

⁷en dan moet julle uit die skuilplek opstaan en die stad in besit neem. Die Here julle God gee dit aan julle oor.

⁸Wanneer julle die stad ingeneem het, moet julle dit aan die brand steek. Julle moet doen wat die Here beveel het. Ek dra die opdrag nou aan julle oor.”

⁹Josua het hulle toe laat gaan en hulle het hulle gaan versteek. Hulle het tussen Bet-El en Ai gelê, wes van Ai. Josua het dié nag tussen die manskappe geslaap.

¹⁰Vroeg die môre is Josua uit. Hy het sy manskappe in gelid opgestel en hy en die leiers van Israel het die manskappe na Ai toe gelei.

¹¹Al die manskappe by hom het opgetrek en nader gegaan en reg voor die stad aangekom. Hulle het kamp opgeslaan noord van Ai. Die laagte was tussen hulle en Ai.

¹²Josua het omtrent vyf duisend man geneem en hulle 'n verskuilde posisie laat inneem tussen Bet-El en Ai, wes van die stad.

¹³Die manskappe het die hele kamp wat noord van die stad moes wees, opgeslaan, maar die ander deel was wes van die stad. Josua het dié nag afgegaan na die laagte toe.

¹⁴Die koning van Ai het gesien daar kom 'n aanval. Die manne van die stad het haastig klaargemaak en hulle het Israel vroeg die môre tegemoet getrek vir die veldslag. Die koning en al sy manskappe is na die plek toe waar hulle Israel wou ontmoet, regoor die Jordaanvallei. Hy het nie geweet van die versteekte afdeling agter die stad nie.

- ¹⁵Josua en die hele Israel het hulleself laat terugdryf deur die manne van Ai, en in die rigting van die woestyn gevlug.
- ¹⁶Al die manskappe in die stad is toe vir die agtervolging opgeroep; hulle het Josua agtervolg en is van die stad af weggelok.
- ¹⁷Daar het geen man in Ai of Bet-El agtergebly wat nie uit is agter Israel aan nie. Hulle het die stad net so oop gelos en het Israel agternagesit.
- ¹⁸Toe sê die Here vir Josua: “Steek die swaard wat jy in jou hand het, na Ai toe uit, want Ek gee die stad in jou mag oor.” Josua het die swaard wat hy in sy hand gehad het, na die stad toe uitgesteek,
- ¹⁹en toe staan die versteekte manskappe op uit hulle skuilplekke en storm, net toe hy sy hand uitsteek. Hulle is die stad in en het dit ingeneem en dit dadelik aan die brand gestee.
- ²⁰Toe die manne van Ai terugkyk, sien hulle die rook van die stad in die lug opstyg. Hulle kon nêrens heen vlug nie, nie hiernatoe of soontoe nie, want Josua se manne wat woestyn se kant toe gevlug het, het omgedraai na hulle agtervolgers toe.
- ²¹Josua en die hele Israel het gesien die versteekte manskappe vat die stad, en toe die rook van die stad uitslaan, draai hulle om en val die manne van Ai aan.
- ²²Dié mense het die stad verlaat om die Israeliete tegemoet te gaan, maar daar was nou Israeliete weerskante van hulle, en dié het hulle neergevel tot daar nie een oor was wat ontkom en vrygeraak het nie.
- ²³Die Israeliete het die koning van Ai gevang en hom na Josua toe gevat.
- ²⁴Israel het al die inwoners van Ai doodgemaak wat vir Josua-hulle in die veld en die woestyn agternagesit het. Die agtervolgers het almal gesneuwel, tot die laaste man toe. Daarna is die hele Israel terug na Ai toe en het hulle al die mense in die stad doodgemaak.
- ²⁵Almal wat daardie dag gesneuwel het, mans en vrouens, was twaalf duisend, al die mense van Ai.

²⁶Josua het nie sy hand met die swaard teruggetrek voordat al die inwoners van Ai uitgeroei was nie.

²⁷Israel het net die vee en die buit in die stad vir hulleself gevat, soos die Here vir Josua beveel het.

²⁸Josua het Ai afgebrand en daarvan vir altyd 'n verlate ruïne gemaak. Dit is nou nog so.

²⁹Hy het die koning van Ai aan 'n boom opgehang en hom daar laat bly tot die aand toe. Toe die son ondergaan, het Josua opdrag gegee, en hulle het die lyk van die boom afgehaal, dit in die stadspoort gegooi en 'n groot hoop klippe daarop gepak, wat vandag nog daar is.

Die voorlesing van die wet

³⁰Daarna het Josua op Ebalberg 'n altaar gebou vir die Here die God van Israel, ³¹soos Moses, die dienaar van die Here, die Israeliete beveel het en soos dit geskryf staan in die wetboek van Moses: “'n altaar van ongekapte klip waarop daar nie 'n ysterwerktuig gebruik is nie.” Hulle het brandoffers vir die Here op die altaar gebring en ook maaltydoffers geoffer.

³²Josua het daar op die klippe 'n afskrif aangebring van die wet van Moses. Hy het dit voor die oë van die Israeliete neergeskrywe.

³³Die hele Israel, sy leiers, sy beamptes en sy regters het daar weerskante van die ark gestaan voor die Levitiese priesters wat die verbondsark van die Here dra. Vreemdelinge sowel as burgers was daar. Een helfte het regoor Gerisimberg gestaan en die ander helfte regoor Ebalberg, soos Moses, die dienaar van die Here, vroeër beveel het toe hy bepaal het dat die volk Israel die seën moet ontvang.

³⁴Daarna het Josua alles wat die wet sê, die seën sowel as die straf, voorgelees, net soos dit geskryf staan in die wetboek.

³⁵Daar was nie een woord van alles wat Moses beveel het wat Josua nie voor die hele gemeente van Israel voorgelees het nie. Die vrouens en die kinders en die vreemdelinge wat tussen die Israeliete gebly het, was by.

Josua 9

Die Gibeoniete

¹Al die konings wes van die Jordaan, dié in die Bergland, in die Laeveld, aan die hele kus van die Groot See en tot regoor die Libanon, die Hetiete, Amoriете, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete, het van Josua gehoor

²en hulle het eendragtig saamgestaan om teen hom en Israel te veg.

³Maar toe die inwoners van Gibeon hoor wat Josua met Jerigo en Ai gedoen het,

⁴het hulle 'n slim plan gemaak. Hulle het padkos ingepak; hulle het verslete saalsakke op hulle donkies saamgeneem en verslete wynsakke wat geskeur en weer toegewerk was;

⁵aan hulle voete was verslete, gelapte skoene en hulle het verslete klere aangehad; al hulle padkos was droog en verkrummel.

⁶Hulle het na Josua toe in die kamp by Gilgal gegaan en vir hom en die Israeliete gesê: “Ons kom uit 'n ver land en ons kom vra dat u met ons 'n verdrag sluit.”

⁷Die Israeliete het vir die Gibeoniete, wat Hewiete was, gesê: “Dalk woon julle hier tussen ons. Hoe kan ons dan met julle 'n verdrag sluit? ”

⁸Hulle het vir Josua gesê: “Ons wil u onderdane wees.” “Maar wie is julle en waar kom julle vandaan? ” vra Josua.

⁹En hulle antwoord: “Ons kom uit 'n baie ver land; ons kom op grond van die roem van die Here u God. Ons het van Hom gehoor en van alles wat Hy met Egipte gedoen het,

¹⁰en ook van alles wat Hy met die twee Amoritiese konings oorkant die Jordaan gedoen het, met koning Sihon van Gesbon en met koning Og van Basan wat in Astarot gewoon het.

¹¹Ons leiers en al die inwoners van ons land het vir ons gesê: Vat padkos saam en gaan die Israeliete tegemoet en sê vir hulle: Ons wil onderdane wees; wil u nie met ons 'n verdrag sluit nie?

¹²Kyk ons brood, dit was nog warm toe ons dit uit ons huise gebring het om vir padkos saam te vat die dag toe ons na u toe vertrek het, en nou is dit droog en verkrummel.

¹³En kyk ons wynsakke wat nuut was toe ons hulle vol gemaak het, nou is hulle vol barste. Kyk hoe verslete is ons klere en ons skoene van die lang pad.”

¹⁴Die Israeliete het na die padkos gekyk, maar nie die Here geraadpleeg nie.

¹⁵Josua het die Gibeoniete goed behandel en met hulle 'n verdrag gesluit dat hulle lewens gespaar sal word. Die leiers van die volksvergadering het dit met 'n eed bevestig.

¹⁶Drie dae nadat die verdrag gesluit is, het die Israeliete gehoor dat die Gibeoniete hulle bure is en tussen hulle woon.

¹⁷Die Israeliete het dadelik vertrek en op die derde dag by die stede van die Gibeoniete aangekom. Die stede was Gibeon, Kefira, Beërot en Kirjat-Jearim.

¹⁸Die Israeliete het hulle nie aangeval nie omdat die leiers van die volksvergadering 'n eed teenoor die Gibeoniete afgelê het voor die Here die God van Israel, maar die hele volk het teen die leiers gemor.

¹⁹Die leiers het vir die volk gesê: “Ons het 'n eed teenoor hulle afgelê voor die Here die God van Israel. Ons kan hulle nie nou aanval nie.

²⁰Ons moet ons woord hou en hulle lewens spaar sodat die eed wat ons teenoor hulle afgelê het, nie die straf van God op ons bring nie.”

²¹Die leiers het verder ook nog vir die volk gesê: “Laat hulle lewe, maar dan moet hulle houtkappers en waterdraers van die hele volk word.” Nadat die leiers met die Israeliete gepraat het,

²²het Josua die Gibeoniete geroep en vir hulle gesê: “Hoekom het julle ons bedrieg? Julle het gesê julle woon baie ver van ons af en al die tyd woon julle tussen ons.

²³Daar rus nou 'n vloek op julle. Julle sal altyd slawe wees: houtkappers en waterdraers vir die huis van my God.”

²⁴Hulle het Josua geantwoord: “Daar is oor en oor aan ons vertel wat die Here u God vir sy dienaar Moses gesê het, naamlik dat Hy aan u die hele land gee en dat Hy al die inwoners van die land sal uitroei om vir u plek te maak. Ons het vir ons lewens gevrees, en daarom het ons dié ding gedoen.

²⁵Ons is in u hande, doen met ons wat goed en reg is in u oë.”

²⁶Josua het toe só gemaak: hy het hulle beskerm teen die Israëliete dat dié hulle nie doodmaak nie,

²⁷maar hy het hulle van dié dag af houtkappers en waterdraers gemaak vir die volk en vir die altaar van die Here op dié plek wat die Here sou kies. Dit is vandag nog so.

Josua 10

Die oorwinning oor vyf Amoritiese konings

¹Koning Adoni-Sedek van Jerusalem het gehoor dat Josua Ai ingeneem en heeltemal vernietig het, dat hy met Ai en sy koning dieselfde gedoen het as wat hy met Jerigo en sy koning gedoen het, en ook dat die inwoners van Gibeon met Israel vrede gemaak het en by hulle woon.

²Die mense van Jerusalem het baie bang geword, want Gibeon was 'n belangrike stad, soos 'n stad met 'n koning, en groter as Ai, en al sy manne was dapper vegters.

³Koning Adoni-Sedek van Jerusalem het toe vir koning Hoham van Hebron, vir koning Piram van Jarmut, vir koning Jafia van Lakis en vir koning Debir van Eglon laat weet:

⁴“Kom help my dat ons Gibeon aanval; hulle het vrede gemaak met Josua en die Israëliete.”

⁵Die vyf Amoritiese konings, die konings van Jerusalem, Hebron, Jarmut, Lakis en Eglon, het toe elkeen met sy hele leër gekom, hulle manskappe teen Gibeon ontplooi en die aanval begin.

⁶Die manne van Gibeon het vir Josua in die kamp by Gilgal laat weet: “Moet ons tog nie nou in die steek laat nie, u moet gou hiernatoe kom en ons red. U

moet ons help, want al die Amoritiese konings in die Bergland het 'n bondgenootskap teen ons gesluit.”

⁷Josua en al sy manskappe, al die dapper vegters, het toe uit Gilgal vertrek.

⁸Die Here het vir Josua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie, Ek gee hulle in jou mag oor. Nie een van hulle is teen jou bestand nie.”

⁹Josua het van Gilgal af die hele nag deur getrek en die Amoriëte skielik oorval.

¹⁰Die Here het hulle paniekbevange laat word vir Israel. Israel het 'n groot slagting onder hulle aangerig in Gibeon, hulle agtervolg deur die pas na Bet-Goron toe en hulle bly doodmaak tot by Aseka en tot by Makkeda.

¹¹Terwyl hulle op die vlug was vir Israel met die afdraand na Bet-Goron toe, het die Here van daar af tot by Aseka groot haelstene uit die lug op hulle laat val. Daar is meer van hulle deur die hael dood as wat deur die Israëliëte met die swaard doodgemaak is.

¹²Dié dag toe die Here die Amoriëte in die mag van die Israëliëte gegee het, het Josua die Here om hulp gevra. Ten aanhore van Israel het hy gesê: “Son, staan stil in Gibeon, en maan, staan stil in Ajalonlaagte! ”

¹³Die son het stilgestaan, die maan het nie geroer nie totdat Israel sy vyande verslaan het. Dit staan so geskrywe in die Boek van die Opregte. Die son het halfpad in die hemel bly staan. Byna 'n volle dag was hy nie haastig om onder te gaan nie.

¹⁴So 'n dag was daar nie voorheen of daarna nie, toe die Here vir 'n mens geluister het! Die Here het vir Israel die oorlog gevoer.

¹⁵Daarna is Josua, en die hele Israel saam met hom, terug na die kamp toe in Gilgal.

¹⁶Die vyf konings het gevlug en in 'n grot in Makkeda gaan wegkruip.

¹⁷Josua het berig gekry dat hulle ontdek is waar hulle weggekruip het,

¹⁸en hy het beveel: “Rol groot klippe in die bek van die grot en sit daar manne om hulle op te pas.

¹⁹Maar julle moenie daar bly staan nie. Agtervolg julle vyande en val hulle van agter af aan. Moenie dat hulle by hulle stede kom nie. Die Here julle God het hulle in julle mag oorgegee.”

²⁰⁻²¹Toe Josua en die Israëliete klaar was met die groot slagting onder die vyande, is al die manskappe behoue terug na die kamp toe, na Josua toe in Makkeda. Die vyand is tot die laaste man toe doodgemaak, afgesien van die paar wat ontkom en die vestingstede gehaal het. Niemand het dit gewaag om iets teen die Israëliete te sê nie.

²²Josua het gesê: “Maak oop die grot se bek en bring die vyf konings uit die grot uit na my toe.”

²³Hulle het dit gedoen, hulle het die vyf konings uit die grot uit na Josua toe gebring, die konings van Jerusalem, Hebron, Jarmut, Lakis en Eglon.

²⁴Nadat hulle die konings na Josua toe gebring het, roep hy al die Israëliete en sê vir die offisiere wat met hom saamgegaan het: “Kom hier, sit julle voete op die konings se nekke.” Hulle het dit toe gedoen,

²⁵en Josua het vir hulle gesê: “Moenie bang wees nie, moenie bekommerd wees nie, wees sterk, wees vasberade. So sal die Here maak met al julle vyande teen wie julle nog moet oorlog maak.”

²⁶Daarna het Josua die konings doodgemaak. Hy het hulle elkeen aan 'n boom opgehang en hulle het daar bly hang tot die aand toe.

²⁷Met sononder is hulle op bevel van Josua van die bome af afgehaal en in die grot gegooi waar hulle weggekruip het. Die bek van die grot is met groot klippe toegepak. Dié is tot vandag toe nog daar.

Die inname van ander stede in die suide

²⁸Daardie dag het Josua ook Makkeda ingeneem. Hy het die mense en hulle koning laat doodmaak en al wat leef in die stad uitgeroei. Niemand het vrygekom nie. Hy het met die koning van Makkeda gedoen soos met die koning van Jerigo.

²⁹Van Makkeda af is Josua, met die hele Israel by hom, na Libna toe. Hy het Libna aangeval,

³⁰en die Here het ook dié stad met sy koning in die mag van Israel oorgegee. Josua het die mense, al wat leef in die stad, doodgemaak. Niemand het vrygekom nie. Hy het met die koning van Libna gedoen soos met die koning van Jerigo.

³¹Van Libna af is Josua, met die hele Israel by hom, na Lakis toe. Hy het sy manskappe teen die stad ontplooi en dit aangeval.

³²Die Here het Lakis in die mag van Israel oorgegee, en Israel het die stad na twee dae ingeneem en al wat leef daarin doodgemaak, net soos hy met Libna gedoen het.

³³Toe koning Horam van Geser vir Lakis te hulp snel, het Josua hom en sy manskappe ook verslaan. Niemand het vrygekom nie.

³⁴Van Lakis af is Josua, met die hele Israel by hom, na Eglon toe. Hy het sy manskappe teen die stad ontplooi en dit aangeval.

³⁵Hulle het die stad nog dieselfde dag ingeneem en al wat leef daarin doodgemaak. Josua het die hele stad uitgeroei, net soos hy met Lakis gedoen het.

³⁶Van Eglon af het Josua, met die hele Israel by hom, teen Hebron opgetrek en die stad aangeval.

³⁷Hulle het die stad ingeneem en die koning, die inwoners van al die buitedorpe en al wat in die stad leef, doodgemaak. Niemand het ontkom nie. Soos Josua met Eglon gedoen het, het hy ook Hebron en al wat daarin leef, uitgeroei.

³⁸Daarna het Josua, met die hele Israel by hom, na Debir toe gedraai en die stad aangeval.

³⁹Hy het dit ingeneem, die koning en die inwoners van die buitedorpe doodgemaak en al die mense in die stad uitgeroei. Niemand het ontkom nie.

Soos hy met Hebron en met Libna en sy koning gedoen het, het hy ook met Debir en sy koning gedoen.

⁴⁰Josua het die hele gebied platgeloop, die Bergland, die Suidland, die Laeveld, die Hange, al die konings daar. Hy het niemand laat vrykom nie. Hy het alles wat asem het, uitgeroei, soos die Here die God van Israel beveel het.

⁴¹Josua het hulle platgeloop van Kades-Barnea af tot by Gasa, ook die hele Gosengebied en tot by Gibeon.

⁴²Hy het al die konings en hulle lande in een veldtog oorwin, want die Here die God van Israel het die oorlog vir Israel gevoer.

⁴³Daarna is Josua, en die hele Israel saam met hom, terug na die kamp toe in Gilgal.

Josua 11

Die inname van Hasor en omgewing

¹Koning Jabin van Hasor het gehoor van Josua se oorwinnings. Hy stuur toe boodskappe aan koning Jobab van Madon, aan die konings van Simron en Aksaf

²en aan die konings in die noordelike Bergland, dié in die Jordaanvallei suid van Gennesaret, in die Laeveld en op die bergrug van Dor in die weste,

³die Kanaäniete in die ooste en die weste, die Amoriete, Hetiete, Feresiete, Jebusiete in die Bergland en die Hewiete onderkant Hermon in die Mispegebied.

⁴Hulle het almal gekom met hulle leërs, 'n groot menigte, so baie soos die sand van die see. Hulle het ook baie perde en strydwaens gehad.

⁵Al die konings het 'n bondgenootskap gesluit en saam hulle soldate vir die oorlog teen Israel ontplooi by die Meromwaters.

⁶Die Here het vir Josua gesê: “Moenie vir hulle bang wees nie. Môre dié tyd gee Ek hulle oor aan Israel, dan sneuwel hulle almal. Jy moet hulle perde se hakskeenseninge afsny en hulle strydwaens verbrand.”

- ⁷Josua en al sy manskappe het die vyand skielik oorval by die Meromwaters.
- ⁸Die Here het hulle in die mag van Israel oorgegee en dié het hulle verslaan en hulle agtervolg by Groot-Sidon, Misrefot-Majim en die Mispelaagte in die ooste. Die Israeliete het hulle uitgeroei. Nie een het vryekom nie.
- ⁹Josua het met hulle gedoen soos die Here vir hom gesê het: hy het hulle perde se hakskeenseninge afgesny en hulle strydwaens verbrand.
- ¹⁰Daarna het Josua na Hasor toe gegaan, die stad ingeneem en sy koning doodgemaak. Hasor het vroeër die leiersposisie ingeneem tussen al die koninkryke daar.
- ¹¹Die Israeliete het al die mense in die stad doodgemaak. Josua het hulle uitgeroei sodat niks wat asemhaal, bly lewe het nie. Die stad self het hy afgebrand.
- ¹²Josua het ook al die stede van die ander konings ingeneem en die konings en die mense uitgeroei soos Moses, die dienaar van die Here, beveel het.
- ¹³Israel het egter nie die ou, gevestigde stede afgebrand nie. Dit is net Hasor wat deur Josua afgebrand is.
- ¹⁴Die Israeliete het die buit en die vee van die stede gevat, maar al die mense doodgemaak. Hulle het die mense heeltemal uitgeroei. Nie een het bly lewe nie.
- ¹⁵Wat die Here sy dienaar Moses beveel het, het Moses vir Josua beveel, en dit het Josua gedoen. Niks wat die Here vir Moses beveel het, is nagelaat nie.

Die gebied wat verower is

- ¹⁶Josua het die hele land ingeneem, die Bergland, die hele Suidland, die hele Gosengebied, die Laeveld, die Jordaanvallei en die Israelberge met hulle uitlopers.
- ¹⁷Die gebied het gestrek van Kaalberg af wat na Seïr toe oploop, tot by Baäl-Gad in die Libanonvallei onderkant Hermonberg. Josua het al die konings in dié gebied verslaan en doodgemaak.

¹⁸Hy moes lank teen hulle oorlog voer.

¹⁹Behalwe die Hewiete in Gibeon het nie een stad met die Israeliete vrede gemaak nie. Die Israeliete het hulle almal in gevegte verower.

²⁰Dit was die Here wat hulle in verset laat kom het, sodat hulle teen Israel geveg het: hulle moes sonder genade uitgeroei word, uitgewis word, soos die Here vir Moses beveel het.

²¹In dié tyd het Josua ook die Enakiete in die berge, in Hebron, Debir en Anab, in al die Judaberge en in al die Israelberge uitgeroei. Hy het hulle saam met hulle stede uitgeroei,

²²en daar het geen Enakiete in die gebied van die Israeliete oorgebly nie. Net in Gasa, Gat en Asdod was daar Enakiete oor.

²³Josua het die hele land ingeneem soos die Here vir Moses beveel het, en toe die land as besitting aan Israel gegee, vir elke stam 'n deel. Die land kon toe rus van oorlog.

Josua 12

Die konings wat oorwin is

¹Die Israeliete het die volgende konings van die land oorkant die Jordaan, aan die oostekant, verslaan en hulle gebiede in besit geneem, die gebied van die Arnonvallei af tot by Hermonberg, en die hele oostelike deel van die Jordaanvallei:

²Koning Sihon van die Amoriëte in Gesbon het geheers oor die helfte van Gilead, van Aroër af aan die kant van die Arnonbedding, die middel van die bedding, tot aan Jabbokspruit waar die Ammoniete se gebied begin.

³Ook die oostelike deel van die Jordaanvallei, van die Gennesaretmeer af suid tot aan die see in die Jordaanvallei, die Soutsee, en verder in die rigting van Bet-Jesimot en suidwaarts van onderkant die Pisgahange af.

⁴Koning Og van Basan, een van die laaste van die Refaïete, het in Astarot en Edreï geregeer. Die gebied

⁵waaroor hy geheers het, het Hermonberg, Salka en die hele Basan ingesluit, tot aan die grens van Gesur en Maäka, en ook die helfte van Gilead tot aan die grens van die gebied van koning Sihon van Gesbon.

⁶Moses, die dienaar van die Here, en die Israeliete het hierdie twee konings verslaan, en Moses het die gebied aan die stam Ruben, die stam Gad en die halwe Manassestam as besitting gegee.

⁷Hier volg nou ook 'n lys van die konings van die land duskant die Jordaan, aan die westekant, wat deur Josua en die Israeliete verslaan is, van Baäl-Gad in die Libanonvallei af tot by Kaalberg wat na Seïr toe oploop. Josua het die gebied tussen die stamme as besitting verdeel:

⁸die Bergland, die Laeveld, die Jordaanvallei, die Hange, die woestyngebied en die Suidland, die gebiede waar die Hetiete, Amoriete, Kanaäniete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete gewoon het.

⁹Die konings van die volgende stede is verslaan: Jerigo, Ai naby Bet-El,

¹⁰Jerusalem, Hebron,

¹¹Jarmut, Lakis,

¹²Eglon, Geser,

¹³Debir, Geder,

¹⁴Gorma, Arad,

¹⁵Libna, Adullam,

¹⁶Makkeda, Bet-El,

¹⁷Tappuag, Gefer,

¹⁸Afek, Saron,

¹⁹Madon, Hasor,

²⁰Simron-Meron, Aksaf,

²¹Taänak, Megiddo,

²²Kedes, Jokneam teen Karmelberg,

²³Dor op die bergrug van Dor, Gojim by Gilgal,

²⁴en Tirsa. Dit was altesaam een en dertig konings.

Josua 13

Josua kry opdrag om die land te verdeel

¹Josua was al baie oud. Die Here het vir hom gesê: “Jy is al baie oud, en daar is nog 'n baie groot deel van die land wat in besit geneem moet word.

²“Onder die deel wat oorbly, is daar al die Filistynse gebiede en die hele Gesurgebied.

³Die gebied van die Sigor af teen Egipte tot by die Ekrongebied in die noorde word as Kanaänitiese gebied beskou. Dit is die gebiede van die vyf Filistynse regeerders, dié van Gasa, Asdod, Askelon, Gat en Ekron, en dit sluit die gebied van die Awwiete in.

⁴⁻⁵“Verder is daar die hele Kanaänitiese gebied van Teman af, die Gebalgebied van Meara af wat aan die Sidoniërs behoort, tot by Afek aan die Amoritiese grens en die hele Libanon aan die oostekant, van Baäl-Gad suid van Hermonberg af tot by Lebo-Hamat.

⁶“Ek sal al die bewoners van die bergwêreld verdryf om vir die Israeliete plek te maak, van die Libanon af tot by Misrefot-Majim, al die Sidoniërs. Intussen moet jy hierdie gebiede as besitting aan Israel toewys soos Ek jou beveel het.

⁷Verdeel dus nou die land vir die nege stamme en die halwe Manassestam.”

Die Israelitiese gebied oos van die Jordaan

⁸Saam met die ander helfte van die Manassestam het die stamme Ruben en Gad reeds hulle besitting ontvang wat Moses aan hulle toegeken het oorkant die Jordaan, aan die oostekant. Moses, die dienaar van die Here, het die volgende gebied aan hulle toegeken:

⁹van Aroër af op die oewer van die Arnonrivier, die stad aan die rivier, die hele Medebahoogvlakke tot by Dibon,

¹⁰al die stede van die Amoritiese koning Sihon wat in Gesbon geregeer het, tot aan die Ammonitiese grens,

¹¹Gilead met die gebiede Gesur en Maäka, die hele Hermonberg en die hele Basan tot by Salka

¹²met insluiting van die hele koninkryk van Og in Basan wat in Astarot en Edrei geregeer het. Og was een van die laaste Refaïete. Moses het hulle verslaan en verdryf.

¹³Die Israeliete het egter nie die mense van Gesur en Maäka verdryf nie, en hulle woon nou nog tussen die Israeliete.

¹⁴Net aan die stam Levi het Moses nie 'n eie besitting toegeken nie. Die Leviete is offers aan die Here die God van Israel en hulle ontvang van wat Hom toekom, soos Hy hulle beloof het.

Die stamgebied van Ruben

¹⁵Aan die families in die stam Ruben het Moses die volgende gebied toegeken:

¹⁶van Aroër af op die oewer van die Arnonrivier, van die stad af aan die rivier, die hele hoogvlakte tot by Medeba,

¹⁷en tot by Gesbon met al sy stede op die hoogvlakte: Dibon, Bamot-Baäl, Bet-Baäl-Meon,

¹⁸Jahas, Kedemot, Mefaät,

¹⁹Kirjatajim, Sibma, Seret-Sagar op die berg in die laagte,

²⁰Bet-Peor, Asdot-Pisga en Bet-Jesimot,

²¹al die stede op die hoogvlakte, die hele koninkryk van die Amoritiese koning Sihon wat in Gesbon geregeer het. Moses het vir Sihon verslaan en ook die Midianitiese leiers Ewi, Rekem, Sur, Gur en Reba, stamhoofde wat aan Sihon onderhorig was en in die land gewoon het.

²²Die waarsêer Bileam seun van Beor is een van dié wat deur die Israeliete doodgemaak is.

²³Die gebied van die stam Ruben het aan die Jordaan gegrens. Dit was dan die besitting van die families in die stam Ruben, die stede en hulle buiteposte.

Die stamgebied van Gad

²⁴Aan die families in die stam Gad het Moses die volgende gebied toegeken:

²⁵Jaser, al die stede in Gilead, die helfte van die Ammonitiese gebied tot by Aroër wat regoor Rabba lê,

²⁶van Gesbon af tot by Ramat-Mispe en Betonim, van Maganajim af tot aan die grens van Lo-Dabar,

²⁷en in die laagte Bet-Haram, Bet-Nimra, Sukkot en Safon, die oorblywende deel van die koninkryk van koning Sihon van Gesbon, die Jordaanstreek tot aan die Gennesaretmeer, die streek oos van die Jordaan.

²⁸Dit was dan die besitting van die families van die stam Gad, die stede en hulle buiteposte.

Die stamgebied van die een helfte van Manasse

²⁹Aan die families in die halwe Manassestam het Moses die volgende gebied toegeken:

³⁰van Maganajim af die hele Basan, die hele koninkryk van koning Og van Basan, al die tentdorpe van Jaïr in Basan, sestig altesaam,

³¹die helfte van Gilead, en Astarot en Edreï, die koningstede van Og in Basan. Dit is wat die nakomelinge van Makir seun van Manasse ontvang het, die families in die een helfte van die nakomelinge van Makir.

³²Dit is dan die gebied wat Moses toegeken het in die Moabsvlakte oorkant die Jordaan, regoor Jerigo, aan die oostekant.

³³Aan die stam Levi het Moses nie 'n eie besitting toegeken nie. Hulle ontvang van wat die Here die God van Israel self toekom, soos Hy hulle beloof het.

Josua 14

Die Israelitiese gebied wes van die Jordaan

¹Hier volg nou 'n oorsig van die gebiede wat die Israeliete in Kanaän ontvang het. Die priester Eleasar en Josua seun van Nun het saam met die stamhoofde die gebiede aan die Israeliete toegeken,

²dit is aan die nege stamme en die halwe stam. Dit is gedoen deur loting soos die Here deur Moses beveel het.

³Aan die ander twee stamme en die halwe stam het Moses 'n gebied oorkant die Jordaan toegeken, en aan die Leviëte het hy nie 'n gebied toegeken saam met die ander nie.

⁴Die nageslag van Josef het twee stamme gevorm, Manasse en Efraim, en die Leviëte het nie 'n deel van die land ontvang nie, maar wel dorpe om in te woon en weidingsgebiede vir hulle veetroppe.

⁵Die Israeliete het gedoen wat die Here vir Moses beveel het, hulle het die land verdeel.

Hebron word aan Kaleb toegeken

⁶Toe die mense van Juda na Josua toe gekom het in Gilgal, het Kaleb seun van Jefunne, 'n Kenassiet, vir Josua gesê: “Jy onthou wat die Here vir Moses, die man van God, oor jou en oor my gesê het in Kades-Barnea.

⁷Ek was veertig toe Moses, die dienaar van die Here, my van Kades-Barnea af gestuur het om die land te verken. Ek het aan hom verslag gedoen soos ek sake gesien het,

⁸maar my medeverkenner wat saam met my gegaan het, het die volk se hart laat verstyf van angs. Ek het die Here my God getrou gevolg,

⁹en Moses het my daardie dag met 'n eed belowe: ‘Die gebied wat jy deurgestap het, sal jou en jou nageslag se permanente besitting wees omdat jy volhard het in jou trou aan die Here my God.’

¹⁰“Van die tyd af dat die Here dit vir Moses gesê het toe Israel deur die woestyn getrek het, het die Here my in die lewe laat bly soos Hy beloof het, vyf en veertig jaar lank. Ek is nou 'n man van vyf en tagtig,

¹¹maar ek is vandag nog net so sterk as die dag toe Moses my uitgestuur het. Die krag wat ek toe gehad het, het ek nou nog. Ek kan nog gaan oorlog maak en behoue terugkom.

¹²Gee my nou asseblief die bergwêreld waarvan die Here daardie dag gepraat het. Jy het daardie dag gehoor dat daar Enakiete is en groot vestingstede. Miskien sal die Here by my wees sodat ek hulle kan verower soos Hy beloof het.”

¹³Josua het sy seën uitgespreek oor Kaleb seun van Jefunne en aan hom Hebron as besitting toegeken.

¹⁴Daarom behoort Hebron tot vandag toe aan Kaleb seun van Jefunne, die Kenassiet. Dit is omdat hy die Here die God van Israel getrou gevolg het.

¹⁵Die naam van Hebron was voorheen Kirjat-Arba. Arba was die naam van 'n groot man onder die Enakiete. Die oorlog was verby, die land het gerus.

Josua 15

Die stamgebied van Juda

¹Aan die families in die stam Juda is deur loting 'n gebied toegeken wat suidwaarts gestrek het tot aan die verre suidekant van die Sinwoestyn teen die grens van Edom.

²Juda se suidelike grens begin dus by die Soutsee, by die punt wat suid uitsteek,

³en dit loop suid van Skerpioenpas verby na Sin toe, op na 'n punt suid van Kades-Barnea, oor na Gesron toe, op na Addar toe en swaai na Karka toe.

⁴Dan loop dit oor na Asmon toe en met Egiptespruit langs totdat dit teen die see doodloop. Dit is Juda se suidelike grens.

⁵Die oostelike grens is die Soutsee tot waar die Jordaan in die see inloop. Die grens aan die noordekant begin waar die Jordaan in die see inloop,

⁶en loop op na Bet-Gogla toe, noord van Bet-Araba verby, op na die Klip van Bohan seun van Ruben,

⁷op na Debir toe van die Akorlaagte af, en swaai noord na Gilgal toe wat regoor Adummimspas suid van die spruit lê. Dan loop die grens oor tot aan die water van Semesfontein en tot by Rogelfontein,

⁸daarvandaan op met Ben-Hinnomdal na die suidelike hang van Jebusieteburg, dit is Jerusalem, en op na die top van die berg wes van Hinnomdal by die noordelike punt van Spooklaagte.

⁹Van die top van die berg af draai die grens na Neftoagsfontein toe, loop aan na die stede teen Efronberg en draai na Baäla toe, dit is Kirjat-Jearim.

¹⁰Van Baäla af swaai dit wes na Seirberg toe, verby die noordelike hang van Jearimsberg, dit is Kesalon, loop dan af Bet-Semes toe, oor na Timna toe

¹¹en met die noordelike hang van Ekron langs. Dan draai die grens na Sikaron toe en loop oor Baälaberg na Jabne toe, waarna dit teen die see doodloop.

¹²Die westelike grens is die kus van die Groot See. Dit is die grense rondom die gebied van die families in die stam Juda.

Kaleb verower Hebron en Debir

¹³Aan Kaleb seun van Jefunne het Josua, soos die Here hom beveel het, 'n eie gebied toegeken tussen die mense van Juda, naamlik Kirjat-Arba, dit is Hebron. Arba was die voorvader van die Enakiete.

¹⁴Kaleb het die Enakiete Sesai, Agiman en Talmai uit Hebron verdryf, al drie Enakskinders.

¹⁵Daarvandaan het Kaleb die mense van Debir gaan aanval. Debir se naam was voorheen Kirjat-Sefer.

¹⁶Kaleb het gesê: “Aan die man wat Kirjat-Sefer verslaan en inneem, gee ek my dogter Aksa as vrou.”

¹⁷Kaleb se stamgenoot Otniël seun van Kenas het die stad ingeneem, en Kaleb het sy dogter Aksa aan hom as vrou gegee.

¹⁸Toe sy by Otniël kom, het sy by hom aangehou dat hulle vir haar pa landbougrond moet gaan vra. Toe sy van die donkie afklim, vra Kaleb vir haar wat sy wil hê,

¹⁹en sy antwoord: “Gee my 'n stuk vrugbare grond. U het my die droë Suidland gegee. Gee my nou ook standhoudende water.” Hy het toe vir haar fonteine in die hooggeleë deel en fonteine in die laaggeleë deel gegee.

Die stede in die gebied van Juda

²⁰Die families in die stam Juda het die volgende gebied as besitting ontvang:

²¹Die stede die verste suid wat aan hulle behoort het, dié teen die grens van Edom, was Kabseël, Eder, Jagur,

²²Kina, Dimona, Adada,

²³Kedes, Gasor, Jitnan,

²⁴Sif, Telem, Bealot,

²⁵Gasor-Gadatta, Kerijot-Gesron, dit is Gasor,

²⁶Amam, Sema, Molada,

²⁷Gasar-Gadda, Gesmon, Bet-Pelet,

²⁸Gasar-Sual, Berseba, Bisjoteja,

²⁹Baäla, Ije-Abarim, Esem,

³⁰Eltolad, Kesil, Gorma,

³¹Siklag, Madmanna, Sansanna,

³²Lebaot, Silgim, Ajin en Rimmon, altesaam nege en twintig stede met hulle buiteposte.

³³In die Laeveld was daar Estaol, Sora, Asna,

³⁴Sanoag, En-Gannim, Tappuag, Enajim,

³⁵Jarmut, Adullam, Soko, Aseka,

- ³⁶Saärajim, Aditajim, Geder en Gederotajim, veertien stede met hulle buiteposte,
- ³⁷Senan, Gadasa, Migdol-Gad,
- ³⁸Dilan, Misper, Jokteël,
- ³⁹Lakis, Boskat, Eglon,
- ⁴⁰Kabbon, Lagmas, Kitlis,
- ⁴¹Gederot, Bet-Dagon, Naäma, Makkeda, sestien stede met hulle buiteposte,
- ⁴²Libna, Eter, Asan,
- ⁴³Jiftag, Asna, Nesib,
- ⁴⁴Keïla, Aksib, Maresa, nege stede met hulle buiteposte,
- ⁴⁵Ekron, met sy buitedorpe en buiteposte,
- ⁴⁶wes van Ekron al die stede in die omgewing van Asdod, met hulle buiteposte,
- ⁴⁷Asdod met sy buitedorpe en sy buiteposte, en Gasa met sy buitedorpe en sy buiteposte tot aan Egiptespruit en die kus van die Groot See.
- ⁴⁸In die Bergland was daar Samir, Jattir, Soko,
- ⁴⁹Danna, Kirjat-Sanna, dit is Debir,
- ⁵⁰Anab, Estemoa, Anim,
- ⁵¹Gosen, Golon, Gilo, elf stede met hulle buiteposte,
- ⁵²Arab, Duma, Esan,
- ⁵³Janum, Bet-Tappuag, Afeka,
- ⁵⁴Gumta, Kirjat-Arba, dit is Hebron, en Sior, nege stede met hulle buiteposte,
- ⁵⁵Maon, Karmel, Sif, Jutta,
- ⁵⁶Jisreël, Jokdeam, Sanoag,
- ⁵⁷Kajin, Giba, Timna, tien stede met hulle buiteposte,
- ⁵⁸Galgul, Bet-Sur, Gedor,

⁵⁹Maärat, Bet-Anot, Eltekon, ses stede met hulle buiteposte,

⁶⁰Kirjat-Baäl, dit is Kirjat-Jearim, en Rabba, twee stede met hulle buiteposte.

⁶¹In die woestyn was daar Bet-Araba, Middin, Sekaka,

⁶²Nibsan, Ir-Melag en En-Gedi, ses stede met hulle buiteposte.

⁶³Die mense van Juda kon dit nie regkry om die Jebusiete, die inwoners van Jerusalem, te verdryf nie. Hulle woon vandag nog daar saam met die mense van Juda.

Josua 16

Die gebied van die nakomelinge van Josef

¹Aan die nakomelinge van Josef is deur loting 'n gebied toegeken wat strek van die Jordaan af regoor Jerigo, oos van die Jerigofonteine. Die grens loop van Jerigo af oor die woestyn op na Bet-El se berge toe.

²Van Bet-El af loop dit na Lus toe, en verby die grens van die Erekiëte na Atarot toe,

³dan weswaarts af na die grens van die Jafletiete toe tot by die grens van Bet-Goron-Onder en Geser, en dit loop dan dood aan die see.

⁴Die stamme Manasse en Efraim, nakomelinge van Josef, het die grondgebied gekry.

Die stamgebied van Efraim

⁵Die grens van die grondgebied van die families in die stam Efraim loop van Atrot-Addar in die ooste na Bet-Goron-Bo toe,

⁶en dan verder tot aan die see. Van Mikmetat af in die noorde swaai die grens oos verby Taänat-Silo na Janoag toe in die ooste,

⁷van Janoag af loop die grens af na Atarot en Naära toe, dan teen Jerigo verby en aan tot by die Jordaan.

⁸Van Tappuag af loop die grens wes met Kanaspruit langs en dit loop dood aan die see. Dit is die gebied van die families in die stam Efraim.

⁹Daarby het gekom al die stede en buiteposte wat aan die Efraimiete toegeken is binne-in die grondgebied van Manasse.

¹⁰Die Efraimiete het nie die Kanaäniete verdryf wat in Geser gewoon het nie en die Kanaäniete woon nou nog tussen die Efraimiete, maar hulle doen dwangarbeid.

Josua 17

Die stamgebied van die ander helfte van Manasse

¹Daar is ook aan die stam Manasse 'n gebied deur loting toegeken. Manasse was Josef se oudste seun, en die toekenning is gemaak aan Manasse se oudste seun Makir die voorvader van Gilead. Hy was 'n krygsman en het Gilead en Basan ontvang.

²Die toekenning was vir die oorblywende families in die stam Manasse, dié van Abiëser, Gelek, Asriël, Sekem, Gefer en Semida. Dit was die families van die ander manlike afstammeling van Manasse seun van Josef.

³Selofgad seun van Gefer, seun van Gilead, seun van Makir, seun van Manasse, het nie seuns gehad nie, net dogters. Hier is hulle name: Magla, Noa, Gogla, Milka en Tirsa.

⁴Hulle het na die priester Eleasar, na Josua seun van Nun en na die leiers toe gegaan en gesê: “Die Here het vir Moses beveel om vir ons tussen ons stamgenote grond te gee.” Moses het toe aan hulle grondgebied toegeken tussen hulle vader se broers soos die Here beveel het.

⁵Behalwe Gilead en Basan oos van die Jordaan het Manasse dus nog tien dele ontvang,

⁶want hierdie dogters uit die Manassestam het grondgebied ontvang saam met die mans. Die Gileadstreek het behoort aan die res van die stam Manasse.

⁷Die gebied van Manasse strek van Aser af tot by Mikmetat regoor Sigem, en die grens loop daarvandaan suid en sluit die inwoners van En-Tappuag in.

⁸Die Tappuagstreek het aan Manasse behoort, maar Tappuag self, op die grens van Manasse, het behoort aan die mense van Efraim.

⁹Van Tappuag af loop die grens af na Kanaspruit toe. Suid van die spruit lê stede van Efraim tussen dié van Manasse. Manasse se grens is noord van die spruit en dit loop dood aan die see.

¹⁰Efraim was aan die suidekant en Manasse aan die noordekant. Die gebied van Manasse loop tot teen die see, en grens noord aan Aser en oos aan Issaskar.

¹¹In Issaskar en Aser self het Bet-San, Jibleam, Dor op die bergrug, En-Dor, Taänak en Megiddo met hulle buitedorpe ook nog aan Manasse behoort.

¹²Die mense van Manasse kon egter nie dié stede verower nie, en die Kanaäniete het dié gebied bly bewoon.

¹³Toe die Israeliete sterker geword het, het hulle die Kanaäniete dwangarbeid laat doen, maar nie die stede ingeneem nie.

Die nakomelinge van Josef kry groter grondgebied

¹⁴Die nakomelinge van Josef het met Josua gaan praat: “Waarom loot u vir ons net een keer en gee u ons net een deel? Ons is baie mense, want die Here het ons besonderlik geseën.”

¹⁵Josua het vir hulle gesê: “Julle is baie. Gaan maak vir julle 'n stuk boswêreld skoon in die gebied van die Feresiete en die Refaïete. Die Efraimsberge is te klein vir julle.”

¹⁶Hulle het vir Josua gesê: “Die Bergland is nie groot genoeg vir ons nie, en al die Kanaäniete wat in die laagte woon, het ysterstrydwaens, dié in Bet-San en sy buiteposte, en dié in die Jisreëlvlakte.”

¹⁷Daarom het Josua vir die nageslag van Josef, vir Efraim en Manasse, gesê: “Julle is baie mense en julle is sterk. Julle kry dus nie net een deel nie.

¹⁸Die Bergland is julle s'n. Dit is bebos, maar julle kan dit skoonmaak en dit ten volle benut. Die Kanaäniete het wel ysterstrydwaens en hulle is sterk, maar julle sal hulle uitdryf.”

Josua 18

Die verdeling van die res van die land

- ¹Die hele Israelitiese volksvergadering het in Silo bymekaargekom en die tent van ontmoeting daar opgeslaan. Die land was nou onderwerp,
- ²maar daar was nog sewe van die Israelitiese stamme wat nie hulle eie grondgebied ontvang het nie.
- ³Josua het vir die Israeliete gesê: “Hoe lank gaan julle nog talm voor julle die land in besit gaan neem wat die Here die God van julle voorvaders aan julle gegee het?
- ⁴Bring drie man uit elke stam dat ek hulle kan stuur en dat hulle die res van die land kan deurgaen en 'n beskrywing kan maak van die verskillende dele en dit vir my bring.
- ⁵Hulle moet die gebied in sewe dele verdeel. Juda behou sy gebied in die suide, en die nageslag van Josef hulle s'n in die noorde.
- ⁶“Julle moet 'n beskrywing maak van die sewe dele van die land en dit vir my bring dat ek die loting hier in die teenwoordigheid van die Here ons God kan maak.
- ⁷Die Leviete kry nie 'n deel saam met julle nie, want hulle besondere voorreg is die priesterskap in diens van die Here. Gad, Ruben en die helfte van Manasse het hulle deel oos van die Jordaan gekry waar Moses, die dienaar van die Here, dit aan hulle toegeken het.”
- ⁸Die manne het toe klaargemaak en vertrek. By hulle vertrek om 'n beskrywing van die land te maak, het Josua hulle beveel: “Gaan die land deur, maak 'n beskrywing daarvan en kom terug na my toe dat ek vir julle die loting hier in Silo in die teenwoordigheid van die Here kan doen.”
- ⁹Die manne is weg en het die land deurgegaan en in 'n boek 'n beskrywing van die sewe dele opgeteken, stad vir stad. Daarna is hulle terug na Josua toe in die kamp by Silo.
- ¹⁰Josua het toe die loting daar in Silo in die teenwoordigheid van die Here gedoen en die land tussen die Israelitiese stamme verdeel.

Die stamgebied van Benjamin

- ¹¹Aan die families in die stam Benjamin is deur loting 'n gebied toegeken tussen dié van Juda en Josef.
- ¹²Aan die noordekant begin hulle grens by die Jordaan en dit loop dan op teen die hang noord van Jerigo, teen die berge uit weswaarts en dan loop dit tot teen die woestyn van Bet-Awen.
- ¹³Daarvandaan loop die grens oor na Lus toe, teen die hang suid van Lus, dit is Bet-El, en dan af na Atrot-Addar toe op die berg suid van Bet-Goron-Onder.
- ¹⁴Dan draai die grens en swaai westekant toe suid van die berg regoor Bet-Goron en loop dood by Kirjat-Baäl, dit is Kirjat-Jearim, 'n stad wat aan Juda behoort. Dit is die westelike grens.
- ¹⁵Die suidelike grens begin teenaan Kirjat-Jearim, loop wes en kom uit by Neftoagsfontein,
- ¹⁶en loop dan af na die voet van die berg regoor Ben-Hinnomdal, noord van Spooklaagte. Dan loop die grens met die Hinnomdal af na die hang suid van die Jebusietestad en af na Rogelfontein toe,
- ¹⁷draai noord en loop na Semesfontein toe, aan na Gelilot toe regoor Adummimspas en af tot by die Klip van Bohan seun van Ruben.
- ¹⁸Dan loop dit noord van die hang regoor die Jordaanvallei verby en af na die Jordaanvallei toe,
- ¹⁹noord van die hang van Bet-Gogla verby en loop dood by die noordelike punt van die Soutsee, waar die Jordaan inloop. Dit is die suidelike grens.
- ²⁰Die Jordaan self vorm die oostelike grens. Dit is dan die grense rondom die grondgebied van die families in die stam Benjamin.
- ²¹Die stede van die families in die stam Benjamin is Jerigo, Bet-Gogla, Kesisdal,
- ²²Bet-Araba, Semarajim, Bet-El,
- ²³Awwim, Para, Ofra,
- ²⁴Kefar-Ammoni, Ofni en Geba, twaalf stede met hulle buiteposte,

²⁵verder Gibeon, Rama, Beërot,

²⁶Mispa, Kefira, Mosa,

²⁷Rekem, Jirpeël, Tarala,

²⁸Sela, Elef, Jebusietestad, dit is Jerusalem, Gibeon en Kirjat, veertien stede met hulle buiteposte. Dit is die besitting van die families in die stam Benjamin.

Josua 19

Die stamgebied van Simeon

¹Die tweede loting was vir Simeon, vir die families in die stam Simeon. Hulle eiendom was binne-in dié van Juda.

²Hulle het as eiendom ontvang Berseba, Seba, Molada,

³Gasar-Sual, Baäla, Esem,

⁴Eltolad, Betul, Gorma,

⁵Siklag, Bet-Markabot, Gasar-Susim,

⁶Bet-Lebaot en Sarugen, dertien stede met hulle buiteposte,

⁷verder Ajin, Rimmon, Eter en Asan, vier stede met hulle buiteposte,

⁸en ook nog al die buiteposte in die omgewing van dié stede tot by Baälat-Beër en Rama in die Suidland. Dit was die eiendom van die families in die stam Simeon.

⁹Hulle het 'n deel van Juda se gebied gekry, want dié was vir Juda te groot. Die stam Simeon het dus eiendom binne-in dié van Juda ontvang.

Die stamgebied van Sebulon

¹⁰Die derde loting was vir die families in die stam Sebulon. Hulle grondgebied strek tot by Sarid.

¹¹Die grens loop dan wes na Marala toe, teen Dabbeset en teen die spruit regoor Jokneam verby.

¹²Van Sarid af draai die grens oos tot teen die grens van Kislot-Tabor, loop dan na Dabarat toe en op na Jafia toe,

¹³daarvandaan oor na Gat-Gefer aan die oostekant en na Et-Kasin toe en aan tot by Rimmon waar dit na Nea toe draai.

¹⁴Dan swaai die grens noord van Gannaton en loop dood by Ge-Jiftag-El.

¹⁵Kattat, Nahalal, Simron, Jidala en Betlehem kom ook by. Daar is twaalf stede met hulle buiteposte.

¹⁶Dié stede met hulle buiteposte is dan die eiendom van die families in die stam Sebulon.

Die stamgebied van Issaskar

¹⁷Die vierde loting was vir Issaskar, vir die families in die stam Issaskar.

¹⁸Hulle gebied omvat Jisreël, Kesulot, Sunem,

¹⁹Gafarajim, Sion, Anagarat,

²⁰Rabbit, Kisjon, Ebes,

²¹Remet, En-Gannim, En-Gadda en Bet-Passes.

²²Hulle grens gaan teen Tabor, Sagasajim en Bet-Semes verby en loop dood teen die Jordaan. Daar is sestion stede met hulle buiteposte.

²³Dié stede met hulle buiteposte is dan die gebied van die families in die stam Issaskar.

Die stamgebied van Aser

²⁴Die vyfde loting was vir die families in die stam Aser.

²⁵Hulle gebied omvat Gelkat, Gali, Beten, Aksaf,

²⁶Alammelek, Amad en Misal. Aan die westekant gaan die grens teen Karmel en Sigor-Libnat verby.

²⁷Dan swaai dit oos na Bet-Dagon toe, gaan teen Sebulon en Ge-Jiftag-El noordwaarts verby na Bet-Emek en Neïel toe en loop aan na Kabul in die noorde

²⁸en na Abdon, Regob, Gammon en Kana toe tot by Groot-Sidon.

²⁹Dan loop die grens om na Rama toe en tot by die vestingstad Tirus, dan om na Gosa toe en loop dood teen die see in die omgewing van Aksib.

³⁰Uma, Afek en Regob kom ook by. Daar is twee en twintig stede met hulle buiteposte.

³¹Dié stede met hulle buiteposte is dan die eiendom van die families in die stam Aser.

Die stamgebied van Naftali

³²Die sesde loting was vir Naftali, vir die families in die stam Naftali.

³³Hulle grens begin by Gelef, by die groot boom in Saänannim, en loop oor Adami-Nekeb en Jabneël tot by Lakkum, en loop dan dood teen die Jordaan.

³⁴Dan draai die grens wes na Asnot-Tabor toe en loop daarvandaan aan na Gukok toe, teen Sebulon aan die suidekant en teen Aser aan die westekant verby tot teen die Jordaan aan die oostekant.

³⁵Die gebied sluit vestingstede in: Siddim, Ser, Gammat, Rakkat, Gennesaret,

³⁶Adama, Rama, Hasor,

³⁷Kedes, Edrei, En-Gasor,

³⁸Jiron, Migdal-El, Gorem, Bet-Anat en Bet-Semes. Daar is negentien stede met hulle buiteposte.

³⁹Dié stede met hulle buiteposte is dan die eiendom van die families in die stam Naftali.

Die stamgebied van Dan

⁴⁰Vir die families in die stam Dan is sewende geloot.

⁴¹Hulle grondgebied het omvat Sora, Estaol, Ir-Semes,

⁴²Saälbim, Ajalon, Jitla,

⁴³Elon, Timna, Ekron,

⁴⁴Elteke, Gibbeton, Baälat,

⁴⁵Jehud, Bene-Berak, Gat-Rimmon,

⁴⁶Me-Jarkon, Rakkon, en ook die gebied regoor Joppe.

⁴⁷Die stam Dan het sy gebied verloor en het toe vir Lesem aangeval en verower. Hulle het die inwoners doodgemaak, die stad beset en daar gaan woon. Hulle het Lesem die naam Dan gegee, na hulle voorvader Dan.

⁴⁸Dié stede met hulle buiteposte was die eiendom van die families in die stam Dan.

Die eiendom van Josua

⁴⁹Nadat die Israeliete die land in sy onderskeie gebiede aan die stamme toegewys het, het hulle aan Josua seun van Nun 'n eiendom tussen hulle toegeken.

⁵⁰Op bevel van die Here het hulle hom die stad gegee wat hy gevra het. Dit was Timnat-Serag in die Efraimsberge. Josua het die stad herbou en daar gaan woon.

⁵¹Dit was dan die woongebiede wat die priester Eleasar en Josua seun van Nun saam met die familiehoofde aan die Israelitiese stamme toegeken het. Hulle het die verdeling van die land afgehandel deur loting in Silo in die teenwoordigheid van die Here, by die ingang van die tent van ontmoeting.

Josua 20

Die asielstede

(Vgl. Num. 35:9-28; Deut. 19:1-13)

¹Die Here het vir Josua gesê: “Sê vir die Israeliete:

²Julle moet nou die asielstede afstaan wat Ek julle deur Moses beveel het,

³sodat iemand wat onopsetlik en sonder voorbedagte rade die dood van 'n ander veroorsaak het, daarheen kan vlug om aan die wraak van 'n bloedverwant van die oorledene te ontkom.

⁴“Wanneer so iemand na een van dié stede toe vlug, moet hy by die ingang van die stadspoort gaan staan en sy saak stel aan die leiers van die stad. Hulle moet hom dan in die stad opneem en hom 'n woonplek by hulle gee.

⁵As die bloedverwant van die oorledene hom agtervolg, moet die leiers hom nie aan die bloedverwant uitlewer as hy onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het en nie kwaadgesind teen hom was nie.

⁶Die vlugteling moet in die stad bly totdat hy voor die bevoegde vergadering tereggestaan het en totdat die hoëpriester van dié tyd dood is. Eers dan mag die persoon wat die dood veroorsaak het, vry teruggaan huis toe na die stad waar hy vandaan gevlug het.”

⁷Kedes in Galilea op die Naftaliberge, Sigem in die Efraimsberge, en Kirjat-Arba, dit is Hebron, in die Judaberge is toe afgesonder.

⁸Oos van die Jerigo-Jordaan is Beser in die woestyn op die hoogvlakte in die stamgebied van Ruben, Ramot in Gilead in die stamgebied van Gad, en Golan in Basan in die stamgebied van Manasse afgestaan.

⁹Dit was die stede waarop ooreengekom is. Enige Israeliet, of enige vreemdeling tussen die Israeliete, wat onopsetlik die dood van 'n ander veroorsaak het, kon na so 'n asielstad toe vlug sodat hy nie deur 'n bloedverwant van die oorledene doodgemaak word sonder dat hy deur 'n vergadering verhoor is nie.

Josua 21

Die stede van die Leviete

¹Die familiehoofde van die Leviete het na die priester Eleasar, na Josua seun van Nun en na die familiehoofde van die Israelitiese stamme toe gekom

²in Silo in Kanaän en vir hulle gesê: “Die Here het deur Moses beveel dat ons stede moet kry om in te woon en weiveld vir ons vee.”

³Die Israeliete het toe die bevel van die Here uitgevoer en uit hulle woongebiede vir die Leviete dorpe met weivelde gegee.

⁴Daar is vir die Kehatgroep geloot, en aan hierdie Leviete uit die geslag van die priester Aäron is dertien stede toegeken in die stamgebied van Juda, Simeon en Benjamin.

⁵Vir die res van die Kehatgroep is tien stede geloot in die gebied van die families in die stam Efraim, die stamgebied Dan en dié van die halwe Manassestam.

⁶Vir die Gersongroep is dertien stede geloot in die gebiede van die families in die stam Issaskar, die stamgebied van Aser en Naftali en dié van die halwe Manassestam in Basan.

⁷Vir die families in die Merarigroep was daar twaalf stede in die stamgebied van Ruben, Gad en Sebulon.

⁸Die Israeliete het die stede met weivelde aan die Leviete toegeken deur loting, soos die Here deur Moses beveel het.

⁹In die stamgebied van Juda en Simeon is die volgende stede wat by name aangedui is, toegeken

¹⁰aan die Leviete uit die nageslag van Aäron wat tot die Kehatgroep behoort het. Die eerste loting was vir hulle.

¹¹Aan hulle is eerstens Kirjat-Arba toegeken, dit is Hebron in die Judaberge met sy weivelde rondom. Arba was die voorvader van die Enakiete.

¹²Die lande en die buiteposte van die stad is aan Kaleb seun van Jefunne as eiendom toegeken.

¹³Die nageslag van die priester Aäron het dus ontvang: die asielstad Hebron, en Libna,

¹⁴Jattir, Estemoa,

¹⁵Golon, Debir,

¹⁶Ajin, Jutta en Bet-Semes, elkeen met sy weiveld, nege stede van dié twee stamme,

¹⁷en van die stam Benjamin Gibeon, Geba,

¹⁸Anatot en Almon, die vier stede elkeen met sy weiveld.

- ¹⁹Die priesters uit die nageslag van Aäron het dus altesaam dertien stede met hulle weivelde gehad.
- ²⁰Vir die Levitiese families in die res van die Kehatgroep is eerstens stede geloot in die stamgebied van Efraim.
- ²¹Aan hulle is toegeken: die asielstad Sigem in die Efraimsberge en Geser,
- ²²Kibsajim en Bet-Goron, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ²³in die stamgebied van Dan: Elteke, Gibbeton,
- ²⁴Ajalon en Gat-Rimmon, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ²⁵en in die gebied van die halwe Manassestam: Taänak en Gat-Rimmon, dié twee stede elkeen met sy weiveld.
- ²⁶Die families in die res van die Kehatgroep het dus altesaam tien stede met hulle weivelde gehad.
- ²⁷Aan die Levitiese families in die Gersongroep is in die gebied van die ander helfte van die Manassestam toegeken: die asielstad Golan in Basan, en Astarot, dié twee stede elkeen met sy weiveld;
- ²⁸in die stamgebied van Issaskar: Kisjon, Daberat,
- ²⁹Jarmut en En-Gannim, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ³⁰in die stamgebied van Aser: Misal, Abdon,
- ³¹Gelkat en Regob, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ³²en in die stamgebied van Naftali die asielstad Kedes in Galilea, en Gammot-Dor en Kartan, dié drie stede elkeen met sy weiveld.
- ³³Die Gersonfamilies het dus altesaam dertien stede met weivelde gehad.
- ³⁴Aan die Levitiese families wat oorgebly het, dié in die Merarigroep, is in die stamgebied van Sebulon toegeken: Jokneam, Karta,
- ³⁵Dimna en Nahalal, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ³⁶in die stamgebied van Ruben: Beser, Jahas,

- ³⁷Kedemot en Mefaät, dié vier stede elkeen met sy weiveld;
- ³⁸en in die stamgebied van Gad die asielstad Ramot in Gilead, Maganajim,
- ³⁹Gesbon, Jaser, dié vier stede elkeen met sy weiveld.
- ⁴⁰Vir die oorblywende families, dié in die Merarigroep, is dus altesaam twaalf stede geloot.
- ⁴¹Die Leviete het altesaam ag en veertig stede met weivelde gehad in die woongebied van die Israeliëte.
- ⁴²Elke stad het weiveld rondom hom gehad. Dit was die geval met al dié stede.
- ⁴³Die Here het aan Israel die hele land gegee wat Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. Hulle het dit in besit geneem en daar gaan woon.
- ⁴⁴Die Here het hulle na alle kante toe rus gegee soos Hy met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het. Nie een van al hulle vyande kon teen hulle standhou nie. Die Here het al hulle vyande in hulle mag oorgegee.
- ⁴⁵Nie een van al die goeie beloftes wat die Here aan Israel gemaak het, het on vervul gebly nie. Almal is nagekom.

Josua 22

Die stamme oos van die Jordaan vertrek na hulle gebied toe

- ¹Josua het daarna die stamme Ruben en Gad en die een helfte van die Manassestam geroep
- ²en vir hulle gesê: “Julle het alles gedoen wat Moses die dienaar van die Here julle beveel het en julle was gehoorsaam aan alles wat ek julle beveel het.
- ³Julle het hierdie hele tyd tot vandag toe nie julle broers in die steek gelaat nie en julle het gedoen wat die Here julle God julle beveel het.
- ⁴Nou het Hy aan julle broers 'n woonplek gegee soos Hy hulle beloof het. Gaan nou terug na julle eie woonplekke toe, na julle eie gebied oorkant die Jordaan wat Moses die dienaar van die Here aan julle toegeken het.

⁵Sorg net dat julle die gebod en die wet wat Moses die dienaar van die Here julle opgelê het, getrou onderhou, naamlik om die Here julle God lief te hê en volgens sy wil te lewe, sy gebooie te onderhou, aan Hom getrou te bly en Hom met julle hele hart en siel te dien.”

⁶Josua het hulle met 'n seënwenis laat gaan, en hulle is na hulle woonplekke toe.

⁷Vir die een helfte van die Manassestam het Moses 'n gebied in Basan gegee, en vir die ander helfte het Josua wes van die Jordaan 'n gebied gegee saam met die ander stamme. Toe Josua die stamme na hulle woonplekke toe laat gaan met 'n seënwenis,

⁸het hy vir hulle gesê: “Gaan terug na julle woonplekke toe met groot rykdom, met groot troppe vee, met silwer, goud, koper en yster, met baie klere, maar deel die buit wat julle van julle vyande gevat het, met julle stamgenote.”

Die gedenkaltaar by die Jordaan

⁹Die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam is toe van die Israeliete in Silo in Kanaän af weg om na Gilead toe te gaan, na hulle eie gebied wat in besit geneem is op die bevel van die Here deur Moses.

¹⁰Toe hulle by Gelilot aan die Jordaan in Kanaän kom, bou hulle daar by die Jordaan 'n altaar, 'n groot indrukwekkende altaar.

¹¹Die Israeliete het gehoor dat die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam die altaar gebou het en dat dit teenaan Kanaän by Gelilot aan die Jordaan was, aan die Israeliete se kant.

¹²Toe het die hele Israelitiese volksvergadering in Silo bymekaargekom, gereed om oorlog te maak teen die twee stamme en die halwe stam.

¹³Die Israeliete het vir Pinehas seun van die priester Eleasar na die stamme Ruben en Gad en die halwe Manassestam in Gilead gestuur.

¹⁴Saam met Pinehas was daar tien volksleiers, een vir elke stam van Israel, elkeen 'n hoof van 'n Israelitiese familiegroep.

¹⁵Toe hulle by die stamme in Gilead kom, sê hulle vir die stamme:

¹⁶“So sê die hele volksvergadering van die Here: Hoe kon julle dié daad van ontrou begaan teen die God van Israel? Julle het mos nou die Here verlaat toe julle die altaar gebou het! Julle is nou in verset teen Hom!

¹⁷Was ons sonde by Peor nie erg genoeg nie? Tot vandag toe is ons nie daarvan gereinig nie, ten spyte van die plaag wat die volk van die Here getref het.

¹⁸Vandag verlaat julle die Here en kom julle in verset teen Hom, môre breek sy toorn los teen die hele Israel.

¹⁹As julle gebied onrein is, kom oor na die Here se eie gebied toe waar sy tabernakel staan, en vat vir julle 'n gebied tussen ons. Maar moenie in verset kom teen die Here en teen ons deur vir julle 'n altaar te bou bo en behalwe die altaar van die Here ons God nie.

²⁰Akan seun van Serag was ontrou met wat aan die Here gewy was, en die toorn het teen die hele Israel losgebreek. Nie net hy het vir sy sonde gesterf nie.”

²¹Die mense van Ruben, Gad en die halwe Manassestam het vir die hoofde van die Israelitiese familiegroep gesê:

²²“Die Here alleen is God, die Here alleen is God! Hy weet, en Israel moet weet: as dit in verset en ontrou teen die Here was, dan moet julle ons vandag nie spaar nie.

²³Of ons vir ons 'n altaar gebou het om die Here te verlaat en daarop brandoffers, graanoffers en maaltydoffers te bring, dit sal die Here self vasstel.

²⁴Nee, dit was uit kommer dat ons dit gedoen het. Ons het gedink môre-oormôre sê julle nageslag dalk vir ons s'n: ‘Wat het julle te doen met die Here die God van Israel?

²⁵Die Here het 'n grens gestel tussen ons en julle, die Jordaan. Julle het nie 'n deel in die Here nie! ’ So sou julle nageslag ons s'n kon verhinder om die Here te dien.

²⁶Ons het toe gedink ons moet vir ons die altaar bou, nie vir brandoffers of ander diereoffers nie,

²⁷maar as 'n getuie tussen ons en julle en tussen ons nageslagte, dat ons die diens aan die Here by sy heiligdom sal uitvoer met ons brandoffers, ons ander diereoffers en ons maaltydoffers, en dat julle nageslag nie later vir ons s'n sal sê: 'Julle het nie 'n deel in die Here nie.'

²⁸“Ons het gedink as hulle dit later vir ons of ons nageslag sou sê, sou ons nageslag kon sê: 'Kyk die model van die Here se altaar. Ons voorvaders het dit gemaak, nie vir brandoffers of ander diereoffers nie, maar as 'n getuie tussen ons en julle.'

²⁹Ons dink glad nie daaraan om teen die Here in verset te kom en Hom te verlaat deur 'n altaar te bou vir brandoffers, graanoffers en ander diereoffers bo en behalwe die altaar van die Here ons God voor sy tabernakel nie.”

³⁰Toe die priester Pinehas en die leiers van die volksvergadering en die Israelitiese familiehoofde wat by hom was, hoor wat die mense uit Ruben, Gad en Manasse sê, was hulle tevrede.

³¹Pinehas seun van die priester Eleasar het vir die mense van Ruben, Gad en Manasse gesê: “Ons weet nou die Here is by ons; julle was nie ontrou aan die Here nie; julle het Israel aan die straf van die Here laat ontkom.”

³²Pinehas seun van die priester Eleasar en die volksleiers is toe terug van die mense van Ruben en Gad af uit Gilead na Kanaän, na die Israeliete toe en het verslag gedoen.

³³Die Israeliete was tevrede en het God geprys. Hulle het afgesien van die plan om die mense van Ruben en Gad te gaan aanval en die gebied waar hulle woon, te verwoes.

³⁴Die mense van Ruben en Gad het die altaar 'n naam gegee, en gesê: “Hy is die getuie tussen ons dat die Here God is.”

Josua 23

Josua neem afskeid

- ¹Dit was al lank dat die Here na alle kante toe aan Israel rus gegee het van sy vyande, en Josua was al baie oud.
- ²Josua het die hele Israel geroep, die leiers, die hoofde, die regters, die ampsdraers, en vir hulle gesê: “Ek is al baie oud.
- ³Julle het gesien wat die Here julle God alles aan hierdie nasies gedoen het ter wille van julle. Dit is Hy, die Here julle God, wat die oorlog vir julle gevoer het.
- ⁴Ek het saam met die gebiede van al die nasies wat ek uitgeroei het, ook dié van die nasies wat nog oorbly, as eiendom aan julle stamme toegeken: van die Jordaan af tot by die Groot See in die weste.
- ⁵Die Here julle God sal hulle wegstoot voor julle en hulle voor julle uit verdrywe sodat julle hulle land in besit kan neem soos die Here julle God julle beloof het.
- ⁶“Maar julle moet sterk staan in die uitvoering van alles wat geskryf staan in die wetboek van Moses. Moet daarvan nie links of regs afwyk nie,
- ⁷dat julle nie by hierdie nasies kom wat nog tussen julle woon, en die naam van hulle gode aanroep en in hulle naam 'n eed aflê en hulle dien en voor hulle buig nie.
- ⁸Julle moet aan die Here julle God getrou bly, soos julle tot nou toe gedoen het.
- ⁹Die Here het groot en sterk nasies voor julle uit verdryf. Niemand kon tot nou toe voor julle standhou nie.
- ¹⁰Een van julle jaag 'n duisend op loop, want dit is die Here julle God wat die oorlog vir julle voer soos Hy julle beloof het.
- ¹¹Lê julle dus daarop toe om die Here julle God lief te hê.
- ¹²As julle egter 'n ander pad loop en julle verbind aan die mense wat oor is van hierdie nasies wat nog tussen julle woon, en julle ondertrou met hulle en julle kom by hulle, en hulle by julle,

¹³weet dan seker dat die Here julle God hierdie nasies nie verder sal verdryf voor julle uit nie. Hulle sal vir julle strikke en wippe word, swepe op julle rûe en skerp dorings in julle oë, en uiteindelik sal julle verdwyn uit hierdie goeie land wat die Here julle God aan julle gegee het.

¹⁴“Self gaan ek nou die pad van almal op aarde. Julle weet met julle hele hart en siel dat nie een van al die goeie beloftes wat die Here julle God oor julle gemaak het, onervul gebly het nie. Almal het uitgekom. Nie een belofte het onervul gebly nie.

¹⁵Maar net soos elke goeie belofte wat die Here julle God oor julle gemaak het, nagekom is, so sal Hy elke ramp oor julle bring wat Hy aangekondig het, totdat Hy julle uitgeroei het uit hierdie goeie land wat Hy julle gegee het.

¹⁶As julle die verbondsverpligtings wat die Here julle God julle opgelê het, nie hou nie en julle dien ander gode en buig voor hulle, sal die toorn van die Here teen julle ontvlam en sal julle gou verdwyn uit die goeie land wat Hy julle gegee het.”

Josua 24

Die samekoms by Sigem

¹Josua het al die stamme van Israel bymekaargebring in Sigem. Hy het die leiers van Israel, die hoofde, die regters en die ampsdraers geroep, en hulle het hulle plekke kom inneem in die teenwoordigheid van God.

²Toe sê Josua vir die hele volk: “So sê die Here die God van Israel: Lank gelede het julle voorvaders — onder hulle was Tera, vader van Abraham en Nahor — anderkant die Eufraat gewoon en hulle het ander gode gedien.

³Ek het julle voorvader Abraham anderkant die Eufraat geneem en hom die hele Kanaän laat deurgaen. Ek het hom baie nakomelinge gegee. Aan hom het Ek vir Isak gegee,

⁴aan Isak vir Jakob en Esau. Aan Esau het Ek die Seirberge gegee om in besit te neem, maar Jakob en sy nageslag is af na Egipte toe.

⁵“Ek het vir Moses en Aäron gestuur en Ek het Egipte met rampe getref soos Ek dit goedgevind het. Daarna het Ek julle uitgebring:

⁶Ek het julle voorvaders uit Egipte gebring, en toe hulle by die Rietsee kom, het die Egiptenaars hulle agtervolg met strydwaens en ruiters.

⁷Julle voorvaders het na My geroep om hulp, en Ek het dit donker laat word tussen julle en die Egiptenaars en die see oor die Egiptenaars laat kom sodat dit hulle bedek het. Julle eie oë het gesien wat Ek aan die Egiptenaars gedoen het. Daarna het julle lank in die woestyn gebly.

⁸“Toe het Ek julle gebring na die land van die Amoriete wat oos van die Jordaan gewoon het. Hulle het teen julle oorlog gemaak, maar Ek het hulle in julle mag oorgegee sodat julle hulle land in besit kon neem. Ek het hulle uitgeroei om vir julle plek te maak.

⁹“Toe Balak seun van Sippor en koning van Moab teen Israel oorlog wou maak, het hy vir Bileam seun van Beor laat roep om 'n vloek oor julle uit te spreek.

¹⁰Maar Ek het nie na Bileam geluister nie, en hy moes julle teen wil en dank seën. So het Ek julle gered uit die hande van Balak.

¹¹“Julle het deur die Jordaan getrek en by Jerigo gekom. Die mense wat in besit was van Jerigo, die Amoriete, Feresiete, Kanaäniete, Hetiete, Girgasiete, Hewiete en Jebusiete, het teen julle oorlog gemaak, maar Ek het hulle in julle mag oorgegee.

¹²Ek het al vantevore die twee Amoritiese konings laat moed verloor, en dít het hulle voor julle uit verdryf, nie julle swaarde en julle pyl en boë nie.

¹³“Ek het julle 'n land gegee wat julle nie bewerk het nie, stede wat julle nie gebou het nie, maar waar julle kon gaan woon; julle eet van wingerde en olyfboorde wat julle nie geplant het nie.

¹⁴“Betoon dan nou eerbied aan die Here en dien Hom met opregtheid en met trou. Sien af van die gode wat julle voorvaders anderkant die Eufraat en in Egipte gedien het, en dien die Here.

¹⁵Of, as julle dit nie goedvind om die Here te dien nie, kies dan vandag wie julle wil dien: die gode wat julle voorvaders gedien het anderkant die Eufraat, of die gode van die Amoriëte in wie se land julle woon. Wat my en my familie betref, ons sal die Here dien.”

¹⁶Die volk het geantwoord: “Ons dink glad nie daaraan om die Here te verlaat en ander gode te dien nie.

¹⁷Dit is die Here ons God wat ons en ons voorvaders uit Egipte, die plek van slawerny, gebring het. Hy het daardie groot wonders voor ons oë gedoen en Hy het ons beskerm op die hele pad wat ons gekom het en teen al die volke deur wie se gebiede ons getrek het.

¹⁸Die Here het al die volke voor ons uit verdryf, die Amoriëte wat in die land gewoon het. Ook ons sal die Here dien. Hy is ons God.”

¹⁹Maar Josua het vir die volk gesê: “Julle kan nie die Here dien nie. Hy is 'n heilige God, Hy is 'n God wat onverdeelde trou eis en julle opstandigheid en sonde nie sal vergewe nie.

²⁰As julle die Here verlaat en julle dien vreemde gode, sal Hy wat aan julle goed gedoen het, teen julle draai en rampe oor julle bring en 'n end aan julle maak.”

²¹Die volk het vir Josua gesê: “Nee, ons sal die Here dien! ”

²²Toe sê Josua vir die volk: “Julle is self getuies daarvan dat julle gekies het om die Here te dien,” en hulle antwoord: “Ons is.”

²³Toe sê Josua: “Verwyder dan die vreemde gode tussen julle uit en wy julle heeltemal aan die Here die God van Israel.”

²⁴En die volk sê vir Josua: “Ons sal die Here ons God dien, ons sal na Hom luister.”

²⁵Josua het daardie dag vir die volk 'n verbond gesluit en vir hulle daar in Sigem voorskrifte en bepalings vasgelê.

²⁶Hy het dié dinge in die wetboek van God opgeskryf, 'n groot klip gevat en dit daar onder 'n groot boom by die heiligdom van die Here regop gesit.

²⁷Hy het vir die hele volk gesê: “Sien julle dié klip? Hy sal die getuie teen ons wees. Hy het alles gehoor wat die Here vir ons gesê het. Hy sal die getuie teen julle wees dat julle nie julle God bedrieg nie.”

²⁸Daarna het Josua die volk laat gaan, elkeen na sy grond toe.

Die dood van Josua en Eleasar

²⁹Na hierdie gebeure het Josua seun van Nun, dienaar van die Here, gesterf. Hy was honderd en tien jaar.

³⁰Hy is begrawe in die gebied wat aan hom gegee was as besitting, in Timnat-Serag in die Efraimsberge, noord van Gaäsberg.

³¹Israel het die Here bly dien tydens die lewe van Josua en tydens die lewe van die leiers wat vir Josua oorleef het en alles ervaar het wat die Here vir Israel gedoen het.

³²Die liggaam van Josef wat deur die Israeliete uit Egipte gebring is, is in Sigem begrawe, in die stuk grond wat Jakob by die nageslag van Gamor, vader van Sigem, gekoop het vir honderd stukke silwer. Die grond het die eiendom van die nakomelinge van Josef geword.

³³Ook Eleasar seun van Aäron is oorlede. Hy is begrawe in Gibeä, 'n plek in die Efraimsberge wat aan sy seun Pinehas toegeken was.

Rigters

Rigters 1

Die verowering van die land

¹Na die dood van Josua het die Israeliete die Here geraadpleeg. Hulle het gevra: “Wie van ons moet eerste teen die Kanaäniete gaan veg?”

²Die Here het geantwoord: “Juda moet gaan. Ek gee die land oor in sy mag.”

³Toe sê Juda vir sy broer Simeon: “Kom saam met my na die gebied toe wat aan my toegesê is, dan veg ons saam teen die Kanaäniete. Ek sal dan weer saam met jou gaan na jou gebied toe.” Simeon is toe saam met hom.

⁴Juda het toe gaan veg, en die Here het die Kanaäniete en die Feresiete in Juda se mag oorgegee en hy het in Besek tien duisend man verslaan.

⁵Daar het hy op Adoni-Besek afgekom en teen hom geveg en die Kanaäniete en die Feresiete verslaan.

⁶Adoni-Besek het gevlug, maar Juda het hom agternagesit en hom gevang. Hulle het sy duime en groottone afgesny.

⁷Toe sê Adoni-Besek: “God het my nou die straf gegee wat ek verdien, want ek het sewentig konings se duime en groottone laat afsny, en hulle moes kos soek onder my tafel.” Juda het vir Adoni-Besek na Jerusalem toe gevat, en hy is daar dood.

⁸Juda het teen Jerusalem geveg en dit ingeneem. Hulle het sy inwoners doodgemaak en die stad aan die brand gestee.

⁹Daarna het Juda gaan veg teen die Kanaäniete wat gewoon het op die Bergland, in die Suidland en in die Laeveld.

¹⁰Toe het Juda teen die Kanaäniete van Hebron gaan veg en vir Sesai, Agiman en Talmai verslaan. Hebron was vroeër bekend as Kirjat-Arba.

¹¹Van hier af het Juda teen die mense van Debir gaan veg. Debir was vroeër bekend as Kirjat-Sefer.

¹²By daardie geleentheid het Kaleb belooft: “Ek sal my dogter Aksa as vrou gee aan die man wat vir Kirjat-Sefer aanval en inneem.”

¹³Otniël seun van Kenas, 'n jonger broer van Kaleb, het dit ingeneem, en Kaleb het sy dogter Aksa vir hom as vrou gegee.

¹⁴Toe sy by hom kom, het hy haar aangepor om vir haar pa landbougrond te vra. Sy het van haar donkie afgeklim en Kaleb het vir haar gevra: “Wat wil jy vir my vra? ”

¹⁵Toe sê sy vir hom: “Gee my 'n stuk vrugbare grond. U het my die droë Suidland gegee. Gee my nou ook standhoudende water.” Kaleb het toe vir haar fonteine in die hooggeleë deel en fonteine in die laaggeleë deel gegee.

¹⁶Die Keniete, afstammelinge van Moses se skoonpa, het saam met Juda uit die Palmstad getrek na die Judawoestyn toe. Dit was geleë in die Suidland by Arad. Hulle het by die volk daar gaan woon.

¹⁷Juda het met sy broer Simeon saamgespan en die Kanaäniete verslaan wat in Sefat woon. Hulle het die stad in puin gelê en dit Gorma genoem.

¹⁸⁻¹⁹Die Here was by Juda, en hulle het die Bergland in besit geneem. Maar Juda kon nie die inwoners van die Vlakte verslaan en hulle stede verower nie, want hulle het ysterstrydwaens gehad. Hulle stede was Gasa, Askelon en Ekron, elkeen met sy grondgebied.

²⁰Soos Moses beveel het, is Hebron aan Kaleb gegee, en hy het die drie nasate van Enak uit Hebron verdryf.

²¹Die Jebusiete het in Jerusalem gewoon, en die Benjaminiete het hulle nie verslaan nie. Hulle woon nou nog saam met die Benjaminiete in Jerusalem.

²²Die Josefstam het na Bet-El toe opgeruk en die Here was by hulle.

²³Hulle het verkenners na Bet-El toe gestuur. Bet-El was vroeër bekend as Lus.

²⁴Die verkenners het 'n man uit die stad sien kom en vir hom gevra: “Wys ons tog hoe om in die stad te kom. Ons sal jou goed behandel.”

²⁵Hy het vir hulle gewys hoe om in die stad te kom. Die Josefstam het toe die stad verower en sy mense doodgemaak maar hierdie man en sy hele familie gespaar.

²⁶Hy is toe na die Hetiete toe en daar het hy vir hom 'n stad gebou en dit Lus genoem. Dit is nou nog die stad se naam.

²⁷Manasse kon nie die stede Bet-San en Taänak en hulle buitedorpe verslaan nie, ook nie die inwoners van die stede Dor, Jibleam en Megiddo en hulle buitedorpe nie. Die Kanaäniete was sterk genoeg om in daardie stede te bly woon.

²⁸Toe die Israeliete sterker geword het, het hulle die Kanaäniete dwangarbeid laat doen maar nie die stede ingeneem nie.

²⁹Ook Efraim het nie die Kanaäniete wat in Geser gewoon het, verslaan nie. Hulle het in Geser by Efraim bly woon.

³⁰Sebulon het nie die inwoners van Kitron en Nahalal verslaan nie. Die Kanaäniete het by Sebulon bly woon en moes dwangarbeid doen.

³¹Aser het nie die inwoners van Akko, Sidon, Aglab, Aksib, Gelba, Afek en Regob verslaan nie.

³²Die mense van Aser het tussen die Kanaäniete wat daar gebly het, gaan woon, want Aser het hulle nie verslaan nie.

³³Naftali het nie die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat verslaan nie. Hy het tussen die Kanaäniete wat daar gebly het, gaan woon, maar die inwoners van Bet-Semes en Bet-Anat moes dwangarbeid doen vir Naftali.

³⁴Die Amoriëte het vir Dan berg-in gedryf en hom nie in die laagte laat kom nie.

³⁵Die Amoriëte was sterk genoeg om in Har-Geres, Ajalon en Saälbim te bly woon. Maar toe die Josefstam sterker geword het, moes die Amoriëte dwangarbeid doen.

³⁶Die grens van die Amoriëte het by Skerpioenpas by die klip begin en het daarvandaan verder geloop.

Rigters 2

¹Die Engel van die Here het van Gilgal af na Bokim toe gegaan. Hy het gesê: “Ek het julle uit Egipte laat trek en julle gebring in die land wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders beloof het. Ek het vir hulle gesê: ‘Ek sal my verbond met julle nooit verbreek nie,

²maar julle mag nie 'n verdrag sluit met die inwoners van hierdie land nie. Julle moet hulle altare afbreek.’ Maar julle het My nie gehoorsaam nie. Waarom het julle dit gedoen?

³Daarom sê Ek vir julle: Ek sal nie hierdie nasies van julle af wegdryf nie. Hulle sal vir julle 'n strik word, en hulle gode sal vir julle 'n valstrik word.”

⁴Toe die Engel van die Here dit alles vir die Israëliëte gesê het, het die hele volk hard gehuil.

⁵Daarom het hulle die plek Bokim genoem. Hulle het daar 'n offer aan die Here gebring.

⁶Nadat Josua die volk laat gaan het, het hulle die land gaan verower en daarna het elkeen na sy grond toe gegaan.

⁷So lank as Josua geleef het, het die volk die Here gedien. Dit was ook nog so terwyl die leiers geleef het wat vir Josua oorleef het. Hulle het nog al die groot daade beleef wat die Here gedoen het om vir Israel te help.

⁸Josua, seun van Nun en dienaar van die Here, het honderd en tien jaar oud geword. Hy het gesterf,

⁹en hy is begrawe op sy grond in Timnat-Geres op die Efraïmsberge noord van Gaäsberg.

¹⁰Al die mense van sy leeftyd het gesterf, en die volgende geslag se mense het nie die Here geken nie. Hulle het ook nie geweet van sy groot daade wat Hy gedoen het om vir Israel te help nie.

Die Here stuur leiers om sy volk te lei

¹¹Die Israeliete het toe gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here: hulle het die Baäls gedien.

¹²Hulle het opgehou om die Here die God van hulle voorvaders, wat hulle uit Egipte laat trek het, te dien. Hulle het ander gode begin dien, van die gode van die nasies in die omgewing. Die Israeliete het hierdie gode aanbid en die Here getart.

¹³Hulle het opgehou om die Here te dien en hulle het die Baäls en die Astartes gedien.

¹⁴Toe het die Here kwaad geword vir Israel en hulle oorgegee in die mag van roofbendes deur wie Israel beroof is. Die Here het hulle ook uitgelewer aan die vyande in die omgewing. Die Israeliete kon nie meer teen hulle vyande standhou nie.

¹⁵In watter rigting die Israeliete ook al gaan veg het, die Here het hulle teëgestaan. Dit is wat Hy voorheen vir hulle met 'n eed bevestig het. Die Israeliete het baie swaar gekry.

¹⁶Maar die Here het leiers na vore laat kom en dié het die volk gered uit die mag van die mense deur wie hulle beroof is.

¹⁷Die volk het ook nie na hulle leiers geluister nie. Die volk was ontrou aan die Here en het ander gode aanbid en baie gou die pad van hulle voorvaders verlaat en ongehoorsaam geword aan die gebooie van die Here.

¹⁸Wanneer die Here vir hulle leiers na vore laat kom het, was Hy by die leiers en so het Hy die volk gered uit die mag van hulle vyande. So was dit so lank as die leier geleef het, want die Here het medelye gehad met sy volk wanneer hulle om hulp geroep het oor hulle vyande deur wie hulle verdruk is.

¹⁹Maar na die leier se dood het hulle nog erger as hulle voorvaders gehandel en ander gode aangehang en gedien en aanbid. Hulle het nie hulle verkeerde dade en hulle hardkoppigheid laat vaar nie.

²⁰Dan het die Here kwaad geword vir die Israeliete en gesê: “Omdat hierdie volk hulle nie steur aan die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het en My nie gehoorsaam nie,

²¹sal Ek uit die nasies wat nie deur Josua voor sy dood oorwin is nie, nie verder 'n enkele mens verdryf om vir die Israeliete plek te maak nie.

²²Ek wil hulle met hierdie nasies op die proef stel om te sien of die Israeliete so gehoorsaam sal wees aan my wil soos hulle voorvaders en daarvolgens sal lewe of nie.”

²³Daarom het die Here hierdie nasies met rus gelaat en hulle nie dadelik verslaan en in Josua se mag oorgegee nie.

Rigters 3

¹Die Here het hierdie nasies met rus gelaat om die Israeliete met hulle op die proef te stel, dié Israeliete wat nie ondervinding gehad het van al die oorloë teen die Kanaäniete nie.

²Die Here wou hierdie Israeliete leer hoe om oorlog te maak, hulle wat dit nie voorheen ondervind het nie. Die volgende nasies is met rus gelaat:

³die Filistyne met hulle vyf leiers, al die Kanaäniete, die mense van Sidon en die Hewiete wat Libanonberg bewoon het, van Baäl-Hermonberg af tot by Lebo-Hamat.

⁴Hulle is met rus gelaat om Israel met hulle te toets, om te sien of die Israeliete gehoorsaam sou wees aan die gebooie van die Here, die gebooie wat Hy hulle voorvaders deur Moses beveel het.

⁵Die Israeliete het toe gewoon tussen die Kanaäniete, Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete.

⁶Die Israeliete het met die dogters van hierdie nasies getrou en hulle dogters met hierdie nasies se seuns laat trou. Die Israeliete het hierdie nasies se gode gedien.

Otniël

⁷Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hulle het die Here hulle God vergeet en die Baäls en die gewyde pale gedien.

⁸Toe het die Here kwaad geword vir die Israeliete. Hy het hulle oorgegee in die mag van koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië en hulle was ag jaar sy onderdane.

⁹Toe het die Israeliete tot die Here geroep, en Hy het vir hulle 'n redder na vore laat kom wat hulle gered het. Hy was Otniël seun van Kenas, 'n jonger broer van Kaleb.

¹⁰Die Gees van die Here was op hom en hy het oor Israel geregeer. Otniël het oorlog gemaak teen koning Kusan-Risatajim van Mesopotamië, en die Here het hom oorgegee in die mag van Otniël. Hy het vir Kusan-Risatajim verslaan.

¹¹Daarna was daar veertig jaar lank vrede in die land, en toe is Otniël seun van Kenas dood.

Ehud

¹²Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en Hy het koning Eglon van Moab mag oor hulle laat kry omdat hulle gedoen het wat verkeerd is in die oë van die Here.

¹³Eglon het die Ammoniete en ook vir Amalek by hom laat aansluit, en hulle het die Israeliete gaan verslaan en die Palmstad verower.

¹⁴Die Israeliete was agtien jaar lank die onderdane van koning Eglon van Moab.

¹⁵Toe het hulle tot die Here geroep om hulp, en Hy het 'n redder vir hulle na vore laat kom, Ehud seun van Gera, 'n Benjaminiet. Ehud was links, en die Israeliete het hom met die belasting gestuur na koning Eglon van Moab toe.

¹⁶Ehud het vir hom 'n swaard gemaak, 'n halwe meter lank en aan albei kante geslyp. Hy het dit aan sy regterkant onder sy klere vasgemaak.

¹⁷Hy het die belasting oorhandig aan koning Eglon van Moab, 'n baie vet man.

¹⁸Nadat Ehud die belasting oorhandig het, het die koning die mense wat dit gebring het, laat vertrek,

¹⁹maar Ehud het by Die Beelde naby Gilgal omgedraai en vir die koning kom sê: “Koning Eglon, ek het 'n geheime boodskap om vir u te gee.” Toe sê die koning: “Laat ons alleen,” en al sy amptenare het van hom af weggegaan.

²⁰Ehud het nader gekom na die koning toe waar hy gesit het in sy koel bovertrek wat net vir hom bedoel was, en vir hom gesê: “Ek het 'n boodskap van God vir u.” Hy het toe opgestaan van sy troon af,

²¹en Ehud het sy swaard van sy regterheup af met sy linkerhand gegryp en vir Eglon in sy maag gesteek.

²²Die hef het saam met die lem in sy maag ingegaan en die vet het oor die swaard gepeul, sodat Ehud dit nie kon uittrek nie. Hy het toe deur 'n geheime uitgang

²³en deur die voorportaal uitgegaan nadat hy die deur van die bovertrek toegetrek en gesluit het.

²⁴Nadat hy uit is, het Eglon se amptenare gekom en toe hulle sien dat die deure van die bovertrek gegrendel is, het hulle gedink die koning is seker besig om hom te ontas daar in die koel vertrek.

²⁵Hulle het tot vervelens toe gewag, maar die koning het nie die deure van sy bovertrek oopgemaak nie, en toe hulle 'n sleutel vat en oopsluit, lê hulle koning daar dood op die vloer.

²⁶En omdat hulle so lank gewag het, kon Ehud ontsnap. Hy het by Die Beelde verbygegaan en na Seïra toe gevlug.

²⁷Toe hy daar kom, het hy die ramshoring op die Efraïmsberge laat blaas. Die Israeliete het van daar af na hom toe gekom. Hy het hulle leier geword

²⁸en vir hulle gesê: “Kom saam met my, want die Here gee julle vyande, die Moabiete, in julle mag oor.” Hulle is toe saam met hom en hulle het die Jordaandriwwe na Moab toe beset en niemand daar laat deurgaen nie.

²⁹By daardie geleentheid het hulle die Moabiete verslaan: omtrent tien duisend man, almal sterk en goeie soldate. Niemand het ontsnap nie.

³⁰Moab is daardie dag deur Israel onderwerp, en daar was tagtig jaar lank vrede in die land.

Samgar

³¹Na Ehud het Samgar seun van Anat opgetree. Hy het ses honderd Filistyne doodgeslaan met 'n stok en so vir Israel gered.

Rigters 4

Debora

¹Na Ehud se dood het die Israeliete weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

²Die Here het hulle oorgegee in die mag van koning Jabin van Kanaän wat in Hasor geregeer het. Sisera uit Garoset-Gojim was die hoof van Jabin se weermag.

³Hy het nege honderd ysterstrydwaens gehad en hy het die Israeliete twintig jaar lank verdruk. Daarom het hulle tot die Here geroep om hulp.

⁴In daardie tyd was Debora, die vrou van Lappidot, die leier van die Israeliete. Sy was 'n profetes.

⁵Sy het altyd onder die Deborapalm in die Efraimsberge tussen Rama en Bet-El gesit, en die Israeliete het daarheen gekom sodat sy hulle geskille kon bylê.

⁶Sy het vir Barak seun van Abinoam uit Kedes in Naftali laat roep en vir hom gesê: “Die Here die God van Israel beveel jou: Trek met tien duisend man uit Naftali en Sebulon op na Taborberg toe.

⁷Ek sal vir Sisera, die hoof van Jabin se leër, met sy strydwaens en sy leër na jou toe laat optrek tot by Kisonspruit en Ek sal hulle in jou mag oorgee.”

⁸Barak het haar geantwoord: “As u saamgaan, sal ek optrek, maar as u nie saamgaan nie, gaan ek nie.”

⁹Sy het vir hom gesê: “Goed, ek sal saamgaan, maar jy sal nie die eer vir die veldtog kry nie: die Here sal vir Sisera aan 'n vrou uitlewer.” Toe het Debora klaargemaak en saam met Barak na Kedes toe gegaan.

¹⁰Barak het vir Sebulon en Naftali daarheen ontbied. Tien duisend man het vir Barak gevolg, en Debora het saam met hom opgetrek.

¹¹In daardie gebied was daar 'n man met die naam Geber, 'n Keniet uit die nageslag van Moses se skoonpa Gobab. Geber het weggetrek van die Keniete af en sy tent opgeslaan by die groot boom in Saänannim naby Kedes.

¹²Daar is aan Sisera vertel dat Barak seun van Abinoam na Taborberg toe opgetrek het.

¹³Sisera het toe sy nege honderd strydwaens en al sy manskappe van Garoset-Gojim af laat kom na Kisonspruit toe.

¹⁴Toe sê Debora vir Barak: “Trek op, want vandag gee die Here vir Sisera in jou mag oor. Die Here gaan voor jou uit.” Barak het toe van Taborberg af afgegaan, en die tien duisend man het hom gevolg.

¹⁵Die Here het Sisera en sy strydwabemannings en sy hele leer baie bang laat word vir Barak en sy mag, en Sisera het van sy strydwa af afgespring en te voet gevlug.

¹⁶Barak het die strydwaens en die leer agternagesit tot by Garoset-Gojim, en die hele leer van Sisera is afgemaai: daar het nie een van hulle oorgebly nie.

¹⁷Sisera het te voet gevlug na die tent van Jael, die Keniet Geber se vrou, want koning Jabin van Hasor en die familie van Geber die Keniet het op goeie voet verkeer.

¹⁸Jael het vir Sisera tegemoet gegaan en vir hom gesê: “Kom hierheen, Meneer! Kom na my toe, moenie bang wees nie!” Toe gaan hy na haar toe in die tent en sy het hom agter 'n gordyn weggesteek.

¹⁹Hy sê toe vir haar: “Ek is dors, gee my 'n bietjie water om te drink.” Sy het die melksak oopgemaak en hom melk laat drink. Toe het sy hom weer toegemaak.

²⁰Hy het vir haar gesê: “Staan by die tentdeur, en as daar iemand kom wat vir jou vra: ‘Is hier dalk iemand by jou?’ moet jy vir hom sê: Nee!”

²¹Jael die vrou van Geber het toe 'n tentpen gevat en met 'n hamer in haar hand is sy suutjies na Sisera toe. Hy was moeg en het vas geslaap. Toe slaan sy die tentpen deur die slaap van sy kop, sodat sy hom in die grond vasslaan, en so is hy dood.

²²Barak was besig om vir Sisera te agtervolg, en Jael het na Barak toe gegaan. Toe sê sy vir hom: “Kom hier! Ek sal vir jou die man wys wat jy soek.” Toe Barak by haar kom, lê Sisera daar dood met 'n tentpen deur sy slaap.

²³Daardie dag het God vir koning Jabin van Kanaän voor die Israëliete verneder

²⁴en hulle het al hoe meer die oorhand oor hom gekry totdat hulle hom vernietig het.

Rigters 5

Die oorwinningslied van Debora en Barak

¹Daardie dag het Debora en Barak seun van Abinoam gesing:

²“Julle moet die Here prys, want leiers het opgetree in Israel, die volk het hulle aangemeld vir die oorlog.

³Luister, konings, gee aandag, regeerders! Ek sing tot eer van die Here, ek prys die Here die God van Israel met my lied:

⁴Toe U uit Seïr gekom het, Here, toe U uit die veld van Edom opgetrek het, het die aarde gebewe, het die hemel reën gegee: die wolke het strome water gegee.

⁵Die berge het weggesmelt voor die Here, voor Hom uit Sinai, voor die Here die God van Israel.

⁶“In die dae van Samgar seun van Anat, in die dae van Jael was die hoofpaaie stil, reisigers het ompaaie gebruik.

⁷Die lewe buite die stede het in Israel gekwyn en agteruitgegaan totdat ek, Debora, na vore gekom het, totdat 'n moeder in Israel na vore gekom het.

⁸Toe die volk nuwe gode vir hulle gekies het, het daar oorlog gekom, maar nie een uit Israel se duisende soldate het die wapen opgeneem nie.

⁹“Ek staan by die leiers van Israel, by dié wat hulle vrywillig aangemeld het. Julle moet die Here prys,

¹⁰julle wat op bruin donkies ry, julle wat op mooi saalkleedjies sit, julle wat op reis is, julle moet dit alles vertel!

¹¹“Tussen die drinkbakke praat hulle daaroor, besing hulle die oorwinning wat die Here behaal het, sy oorwinning vir die boere van Israel. “Die volk van die Here kom bymekaar by die stadspoorte, hulle sing:

¹²‘Kom, Debora, kom, kom, kom sing 'n lied! Maak klaar, Barak seun van Abinoam, kom maak vir jou krygsgevangenes! ’

¹³“Dié van my volk wat oorgebly het, het bymekaargekom by die leiers, die volk van die Here het na my toe gekom, al die dapper vegters:

¹⁴party was van Efraim, selfs ver uit Amalek uit, saam met hulle Benjamin, almal uit jou volk, party was van Makir, sy leiers het gekom, en uit Sebulon dié wat die heersersepter dra,

¹⁵die leiers uit Issaskar was by Debora. Issaskar was soos Barak, in die laagte was Issaskar by Barak. “By Ruben se suipplekke is daar baie beraadslaag.

¹⁶Waarom het jy by die saalsakke bly sit, bly luister na die fluitspel by die veetroppe? By Ruben se suipplekke is daar baie beraadslaag.

¹⁷Gilead het oorkant die Jordaan bly sit, en waarom het Dan by die skepe gebly? Aser het by die seestrand bly sit, nie van sy kaai af geroer nie.

¹⁸Sebulon was nie bang vir die dood nie en Naftali het die dood getrotseer op die hoogland.

¹⁹“Konings het gekom, hulle het geveg, die konings van Kanaän het geveg by Taänak, by Megiddo se waters, maar hulle het nie silwer buitgemaak nie.

²⁰Uit die hemel het die sterre geveg, uit hulle bane het hulle teen Sisera geveg.

²¹Die Kisonrivier het die vyand meegesleur, die Kisonrivier, die rivier uit die voortyd. “Hou moed! Wees sterk!

²²“Die perde het met hulle hoewe gekap, die sterkes het in jaaggalop voortgestorm.

²³“Die Engel van die Here het gesê: ‘Julle moet vir Meros vervloek, julle moet sy inwoners sonder genade vervloek, want hulle het nie vir die Here kom veg nie, nie vir Hom teen die dapper vegters kom veg nie.’

²⁴“Geseënd is Jael vrou van Geber die Keniet, meer geseënd as al die vrouens, die vrouens wat in tente woon.

²⁵Sisera het water gevra, sy het hom melk gegee, in 'n koningsbeker het sy vir hom dikmelk gegee.

²⁶In haar hand het sy die tentpen vasgevat, in haar regterhand die werksman se hamer. Sy het vir Sisera daarmee getref, sy kop papgeslaan, sy het die slaap van sy kop verbrysel, dit deurboor.

²⁷By haar voete het hy neergesak, geval en bly lê, by haar voete het hy neergesak en geval; waar hy neergesak het, het hy geval, morsdood.

²⁸“Sisera se ma het deur die venster gekyk, sy het by die traliewerk gestaan en gekla: ‘Waarom talm sy strydwa om te kom, waarom bly die gedreun van sy strydware wale weg?’

²⁹“Haar slimste hofdame antwoord haar en sy sê die woorde agterna:

³⁰‘Hulle het 'n groot buit in die hande gekry, hulle verdeel dit: ‘n meisie of twee vir elke soldaat; gekleurde klere as buit vir Sisera; gekleurde weefwerk as buit, gekleurde doeke vir my nek, dit is die buit!’

³¹“Mag al u vyande so omkom, Here, maar mag dié wat vir U liefhet, wees soos die son wat in sy volle krag skyn.” Daarna was daar veertig jaar lank vrede in die land.

Rigters 6

Gideon

¹Die Israeliete het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hy het hulle sewe jaar lank oorgegee in die mag van die Midianiete.

²Hulle het die Israeliete hard behandel, en daarom het hulle langs die bergstroompies, in grotte en in ander ontoeganklike plekke gaan bly.

³Wanneer die Israeliete iets gesaai het, het die Midianiete teen hulle opgetrek saam met die Amalekiete en ander mense uit die ooste.

⁴Dan slaan die Midianiete kamp op en vernietig die opbrengs van die land selfs tot by Gasa se wêreld. Hulle het nie 'n dier in Israel lewend agtergelaat nie, nie 'n skaap of 'n bees of 'n donkie nie.

⁵Die Midianiete het met hulle veetroppe gekom en kom tent opslaan. Hulle was so baie soos sprinkane: hulle en hulle kamele kon nie getel word nie. Hulle het die land kaalgestroop.

⁶Hulle het die Israeliete arm laat word, en toe het die Israeliete tot die Here geroep om hulp.

⁷Toe hulle tot die Here roep om hulp teen die Midianiete,

⁸het Hy 'n man gestuur om onder die Israeliete as profeet op te tree, en hy het vir hulle gesê: “So sê die Here die God van Israel: Ek het julle uit Egipte laat wegtrek en Ek het julle uit die plek van slawerny bevry.

⁹Ek het julle gered uit die mag van Egipte en van almal deur wie julle verdruk is. Ek het hulle laat plek maak vir julle en Ek het hulle land vir julle gegee.

¹⁰Ek het vir julle gesê: ‘Ek is die Here julle God. Julle mag nie die gode dien van die Amoriëte in wie se land julle woon nie.’ Maar julle het nie na My geluister nie.”

¹¹Daarna het 'n Engel van die Here gaan sit onder die groot boom in Ofra wat behoort het aan Joas die Abiësriet. Sy seun Gideon was besig om koring uit te slaan in 'n parskuip waar hy weggekruip het vir die Midianiete.

¹²Die Engel van die Here het aan hom verskyn en vir hom gesê: “Die Here is by jou, dapper man! ”

¹³Maar Gideon het vir die Engel gesê: “Ekskuus, Meneer, maar as die Here by ons is, waarom kom al hierdie dinge oor ons? Waar is al sy magtige dae

waarvan ons voorvaders ons vertel het toe hulle gesê het: ‘Het die Here ons nie uit Egipte bevry nie? ’ Nou het die Here ons in die steek gelaat: Hy het ons oorgegee in die mag van die Midianiete.”

¹⁴Toe het die Here na Gideon toe gedraai en vir hom gesê: “Gaan met die krag wat jy het en gaan red die Israëliete uit die mag van die Midianiete! Toe, Ek stuur jou! ”

¹⁵Maar Gideon sê vir Hom: “Ekskuus, Meneer, waarmee sal ek die Israëliete gaan red? Die familie waaraan ek behoort, is die armste in die hele Manasse, en van my pa se kinders het ek die minste aansien.”

¹⁶Die Here het hom geantwoord: “Ek is by jou, en jy sal die Midianiete verslaan asof hulle nie meer as een is nie.”

¹⁷Gideon het vir Hom gesê: “As U so vriendelik wil wees, doen tog vir my 'n wonder dat ek seker kan wees dit is U, Here, wat met my praat!

¹⁸Moenie hiervandaan af padgee nie dat ek tog net gou 'n offer voor U kan kom neersit.” Toe sê die Here: “Ek sal wag tot jy terug is.”

¹⁹Gideon het toe 'n bokkie gaan gaar maak, en van sestien kilogram meel het hy brood sonder suurdeeg gebak. Hy het die vleis in 'n mandjie gepak en die sous in 'n pan gegooi en vir die Engel van die Here gebring onder die groot boom. Toe Gideon dit naderbring,

²⁰sê die Engel van God vir Gideon: “Vat die vleis en die brood sonder suurdeeg en sit dit op hierdie rots en gooi die sous daaroor.” Hy het so gemaak,

²¹en toe raak die Engel van die Here met die punt van die stok in sy hand aan die vleis en die brood. 'n Vuur het uit die rots uit opgevlam en die vleis en die brood verteer. Daarna is Hy van Gideon af weg.

²²Gideon het besef dat dit die Engel van die Here was, en hy het uitgeroep: “Ag, Here my God, ek het die Engel van die Here van aangesig tot aangesig gesien! ”

²³Toe sê die Here vir Gideon: “Wees gerus! Moenie bang wees nie! Jy sal nie sterf nie! ”

²⁴Gideon het net daar 'n altaar vir die Here gebou en dit genoem: “Die Here gee rus! ” Die altaar staan vandag nog in Ofra van die Abiësriete.

²⁵Daardie nag het die Here vir Gideon gesê: “Vat 'n groot bul, die sewe jaar oud bul van jou pa, sy tweede bul, breek jou pa se altaar vir Baäl af en kap die gewyde paal daar langsaan af.

²⁶Bou dan 'n netjiese altaar vir die Here jou God bo-op daardie versterkte plek en vat die bul en offer dit as brandoffer. Jy moet die hout gebruik van die gewyde paal wat jy afgekap het.”

²⁷Gideon het tien van sy slawe gevat en gedoen wat die Here hom beveel het. Hy het dit in die nag gedoen: hy was bang vir sy pa se familie en vir die stad se mense om dit oordag te doen.

²⁸Toe die stad se mense die volgende môre opstaan, was Baäl se altaar afgebreek en die gewyde paal daar langsaan afgekap en was die bul 'n brandoffer op die altaar wat gebou is.

²⁹Hulle het vir mekaar gevra: “Wie het dit gedoen? ” Hulle het oral navraag gedoen, en daar is gesê: “Dit is Gideon seun van Joas! Hy het dit gedoen! ”

³⁰Toe sê die stad se mense vir Joas: “Bring jou seun uit jou huis uit! Hy moet doodgemaak word, want hy het Baäl se altaar afgebreek en die gewyde paal daar langsaan afgekap.”

³¹Maar Joas het vir almal wat daar by hom gestaan het, gesê: “Wil julle Baäl se saak behartig? Wil julle hom red? Wie Baäl se saak behartig, moet vanmôre nog doodgemaak word. As hy 'n god is, kan hy sy eie saak behartig. Dis sy altaar wat afgebreek is.”

³²Daardie dag het hulle vir Gideon genoem Jerubbaäl, “want,” het hulle gesê, “laat Baäl self sy saak teen Gideon behartig, want dis hy wat Baäl se altaar afgebreek het.”

³³In daardie tyd het die hele Midian en Amalek saam met ander mense uit die ooste bymekaargekom en deur die Jordaanrivier getrek. Hulle het in die Jisreëlvlakte kamp opgeslaan.

³⁴Die Gees van die Here het vir Gideon in besit geneem, en hy het die ramshoring geblaas en die Abiësriete opgeroep om hom te volg.

³⁵Hy het ook boodskappers na Manasse, Aser, Sebulon en Naftali toe gestuur en hulle ook opgeroep om hom te volg, en hulle het almal bymekaargekom.

³⁶⁻³⁷Gideon het vir God gesê: “Ek sal weet dat U deur my vir Israel wil red soos U beloof het, as ek 'n stukkie vlieswol op die dorsvloer sit en daar kom dou op die wol terwyl die grond droog bly.”

³⁸En dit het toe gebeur: toe Gideon die volgende môre opstaan, het hy die stukkie wol uitgedraai en dou daaruit gedruk, 'n hele kom vol water.

³⁹Toe sê hy vir God: “Moet asseblief nie vir my kwaad word nie! Ek wil nog 'n keer iets vra. Laat my tog net nog een toets met die vlieswol toe: net die wol moet droog wees, terwyl daar oral op die grond dou is.”

⁴⁰Daardie nag het God dit so laat gebeur: net die wol was droog en oral op die grond was daar dou.

Rigters 7

¹Jerubbaäl, dit is Gideon, en al sy manne het vroegmôre klaargemaak en kamp opgeslaan by En-Garod. Die kamp van Midian was noord van Gideon s'n, in die vlakte by Waarsêershoogte.

²Die Here het vir Gideon gesê: “Ek kan Midian nie oorgee in die mag van soveel manne by jou nie. Israel sal teenoor My spog en sê: ‘Ek het myself gered.’

³Jy moet vir die manskappe sê dié wat bewe en bang is, moet omdraai en van Gileadberg af padgee. Al die manskappe moet dit kan hoor.” Twee en twintig duisend man het toe van die leer af padgegee en tien duisend het oorgebly.

⁴Toe sê die Here vir Gideon: “Daar is nog te veel. Vat hulle af water toe, en daar sal Ek hulle vir jou sif. As Ek vir jou sê: ‘Hierdie een moet saamgaan’,

moet hy met jou saamgaan, maar elkeen van wie Ek vir jou sê: ‘Hierdie een mag nie saamgaan nie’, hy mag nie met jou saamgaan nie.”

⁵Toe het Gideon die manne afgevat water toe en daar het die Here vir hom gesê: “Elkeen wat water drink soos 'n hond dit met sy tong oplek, moet jy skei van dié wat kniel om te drink.”

⁶Drie honderd het die water met die hand opgeskep. Die res het gekniet om te drink.

⁷Toe sê die Here vir Gideon: “Ek sal julle red met die drie honderd man wat die water opgeskep het. Ek sal vir Midian in jou mag oorgee. Die ander moet almal huis toe gaan.”

⁸Gideon-hulle het al die kos en die ramshorings gevat en toe het hy die ander almal huis toe gestuur. Hy het net die drie honderd by hom gehou. Die kamp van die Midianiete was teenoor hom in die vlakte.

⁹Dié nag het die Here vir hom gesê: “Kom, gaan na die Midianiete se laer toe. Ek gee hulle in jou mag oor.

¹⁰Maar as jy bang is om hulle aan te val, moet jy en jou slaaf Pura eers in hulle kamp ingaan.

¹¹Luister wat hulle sê, dan sal jy moed skep en hulle aanval.” Gideon en sy slaaf Pura is toe sowat vyftig tree in die Midianiete se kamp in.

¹²Die Midianiete, die Amalekiete en die ander mense uit die ooste wat die vlakte ingeval het, was so baie soos sprinkane, en die kamele kon nie getel word nie. Hulle was so baie soos die sand aan die see.

¹³Gideon het in die kamp ingekom net toe 'n man vir sy maat hierdie droom vertel: “Ek het gedroom,” het hy gesê, “daar kom 'n ronde garsbrood in ons laer ingerol. Die brood het tot by die tent gerol, daarteen gestamp en dit laat omval. Die brood het die tent omgestamp en die tent het inmekaargetuimel.”

¹⁴Die maat het geantwoord: “Dit is beslis die swaard van die Israeliet Gideon seun van Joas. God gee Midian en sy hele leer in Gideon se mag oor.”

¹⁵Toe Gideon die droom en sy uitleg hoor, het hy die Here gedank en na die Israeliete se kamp toe teruggegaan en gesê: “Kom, die Here gee die leer van Midian in ons mag oor.”

¹⁶Gideon het die drie honderd man in drie groepe verdeel en aan elkeen 'n ramshoring en 'n leë erdekruik met 'n fakkel daarbinne gegee.

¹⁷Toe sê hy vir sy manne: “Let mooi op wat julle moet doen: as ek by die onderpunt van die kamp kom, moet julle doen wat ek doen.

¹⁸As ek en almal by my die ramshoring blaas, moet julle almal wat rondom die kamp is, dit ook doen en dan moet julle uitroep: Vir die Here en vir Gideon! ”

¹⁹Gideon en die honderd man by hom het tot by die onderpunt van die kamp gegaan. Dit was in die nag, aan die begin van die middelste wagaflos, en die wagte was net klaar omgeruil. Toe blaas Gideon-hulle die ramshorings en breek die erdekruike.

²⁰Al drie afdelings het dit gedoen: hulle het die fakkels in die linkerhand gehou en die ramshorings met die regterhand om dit te blaas. Toe roep hulle: “Die swaard van die Here en Gideon! ”

²¹⁻²²Hulle het rondom die kamp gestaan, elkeen op sy pos. Toe die drie honderd man die ramshoring blaas, het die hele kamp op die vlug geslaan, hulle het geskreeu en gehardloop, en toe het die Here dit bewerk dat hulle mekaar daar in die kamp doodmaak. Die kamp se mense het gevlug tot by Bet-Sitta na Sereda se kant toe, tot by die grens van Abel-Megola naby Tabbat.

²³Die Israeliete uit Naftali, Aser en die hele Manasse is toe opgeroep om die Midianiete te agtervolg.

²⁴Gideon het boodskappers na die Efraimsberge toe gestuur: “Kom val vir Midian aan, beset die Jordaan tot by Bet-Bara voordat die Midianiete daar kom.” Toe is die Efraimiete opgeroep, en hulle het die Jordaan beset tot by Bet-Bara.

²⁵Hulle het twee leiers van die Midianiete gevang, Oreb en Seëb. Efraim het vir Oreb doodgemaak op die Orebrots en vir Seëb in die Seëbparskuip. Nadat

Efraim die Midianiete klaar agtervolg het, het hulle die koppe van Oreb en Seëb na Gideon toe gebring wes van die Jordaan.

Rigters 8

¹Toe vra die Efraimiete vir Gideon: “Waarom het jy so gemaak met ons? Waarom het jy ons nie opgeroep toe jy teen die Midianiete gaan veg het nie? ” Die Efraimiete het teen hom uitgevaar,

²maar hy het vir hulle gesê: “Wat het ek gedoen in vergelyking met julle? Was die na-oes van Efraim se druiwe nie in hierdie geval baie beter as die volle oes van Abiëser nie?

³God het die leiers van die Midianiete, Oreb en Seëb, in julle mag oorgegee. Ek was nie in staat om te doen wat julle gedoen het nie.” Eers tóé het hulle bui gesak.

⁴Daarna het Gideon by die Jordaan gekom en dit oorgesteek met die drie honderd man by hom. Hulle was moeg, maar hulle het aangehou om die vyand te agtervolg.

⁵Toe sê Gideon vir die mense van Sukkot: “Gee tog brood vir die manne wat by my is. Hulle is moeg en ek is besig om die Midianitiese konings Sebag en Salmunna te agtervolg.”

⁶Maar die leiers van Sukkot het vir hom gevra: “Het jy al vir Sebag en Salmunna gevang dat ons vir jou en jou leer moet brood gee? ”

⁷Gideon het vir hulle gesê: “Wanneer die Here vir Sebag en Salmunna in my mag oorgegee het, sal ek julle kom stukkend skeur met doringstruie, met haakdorings uit die woestyn.”

⁸Van daar af is hy verder na Pniël toe en hy het ook vir hulle kos gevra, maar die mense van Pniël het hom dieselfde antwoord gegee as dié van Sukkot.

⁹Toe sê hy vir die mense van Pniël: “Wanneer ek as oorwinnaar terugkom, sal ek die toring in julle stad platslaan.”

¹⁰Sebag en Salmunna was toe in Karkor. By hulle was 'n leër van ongeveer vyftien duisend man. Dit was al wat oorgebly het van die leër van die mense uit die ooste; honderd en twintig duisend van hulle beste soldate het gesneuwel.

¹¹Gideon het toe die Nomadepad ooste toe gevat, na Nobag en Jogboha toe. Die leër van die Midianiete was houtgerus en Gideon het hulle aangeval.

¹²Sebag en Salmunna het gevlug, maar Gideon het hulle agternagesit en die twee Midianitiese konings gevang. Hy het die hele leër met skrik vervul.

¹³Gideon seun van Joas is toe van die slagveld af terug oor Gerespas.

¹⁴Hy het 'n jong man uit Sukkot gevang en hom ondervra. Die jong man het toe vir hom die name van die sewe en sewentig amptenare en leiers van Sukkot opgeskryf.

¹⁵Gideon is toe na die mense van Sukkot toe en hy het vir hulle gesê: “Hier is Sebag en Salmunna oor wie julle my gespot het toe julle gesê het: Is Sebag en Salmunna al in jou mag dat ons vir jou moeë manne kos moet gee? ”

¹⁶Toe het hy die leiers van die stad gevat en hulle 'n les geleer met doringstruik, met haakdorings uit die woestyn.

¹⁷Hy het ook die toring van Pniël platgeslaan en die mense van die stad doodgemaak.

¹⁸Toe het Gideon vir Sebag en Salmunna gevra: “Watter soort mense is deur julle vermoor op Tabor? ” en hulle antwoord: “Hulle was almal soos u, elkeen het soos 'n koningskind gelyk.”

¹⁹Gideon sê toe: “Hulle was my eie broers. So seker as die Here leef, ek sou julle laat bly lewe het as julle hulle nie vermoor het nie.”

²⁰Toe beveel Gideon sy oudste seun Jeter: “Kom, maak hulle dood! ” Maar die seun het nie 'n vinger verroer nie, want hy was 'n blote kind en hy was bang.

²¹Toe sê Sebag en Salmunna vir Gideon: “Kom jy, bring jy ons om die lewe. 'n Man se krag lê in homself.” Gideon het opgestaan en vir Sebag en Salmunna

doodgemaak. Hy het die maanversierings aan hulle kamele se nekke vir hom gevat.

²²Die Israeliete het vir Gideon gesê: “Jy moet oor ons regeer: jy, jou seun en sy nageslag. Jy het ons gered uit die mag van Midian.”

²³Maar hy sê vir hulle: “Ek kan nie oor julle regeer nie, ook nie my nageslag nie. Die Here regeer oor julle.”

²⁴Gideon het verder vir hulle gesê: “Ek wil julle egter een ding vra: elkeen van julle moet vir my 'n ooring gee uit die buit wat julle by die Midianiete afgevat het; hulle dra mos goue oorringe.”

²⁵Die Israeliete het geantwoord: “Dit doen ons graag.” Hulle het 'n doek oopgegooi en elkeen het 'n ooring uit sy buit daarop gegooi.

²⁶Die gewig van die goue oorringe wat Gideon gevra het, was negentien en 'n half kilogram. Die maanversierings, oorbelle en pers klere van die Midianitiese konings was nie daarby gereken nie en ook nie die kettinkies rondom die kamele se nekke nie.

²⁷Gideon het 'n efodbeeld van die goud gemaak en dit in sy stad Ofra gesit. Die hele Israel het daarheen gekom en op dié wyse ontrou geword aan die Here. Die beeld was vir Gideon en sy mense 'n valstrik.

²⁸Die Midianiete was onderdanig aan Israel. Hulle het nie weer in opstand gekom nie, en daar was veertig jaar lank vrede in die land in die dae van Gideon.

²⁹Jerubbaäl seun van Joas het na die oorlog teen Midian in sy huis gaan woon.

³⁰Hy het sewentig seuns gehad, almal sy eie kinders, want hy het baie vrouens gehad.

³¹Ook sy byvrou uit Sigem het vir hom 'n seun in die wêreld gebring. Sy naam was Abimelek.

³²Gideon seun van Joas is op hoë ouderdom oorlede, en hy is in Ofra begrawe in die graf van sy pa Joas die Abiësriet.

³³Na Gideon se dood het die Israëliete weer die Baäls begin vereer. Hulle het vir Baäl-Berit as god aanvaar

³⁴en die Here hulle God vergeet deur wie hulle gered is uit die mag van hulle vyande rondom hulle.

³⁵Hulle was ook nie lojaal teenoor die gesin van Jerubbaäl, dit is Gideon, nie, ten spyte van al die goeie dinge wat hy vir Israel gedoen het.

Rigters 9

Abimelek

¹Abimelek seun van Jerubbaäl het na Sigem toe gegaan, na sy ma se mense toe, en vir hulle en vir die hele familie gesê:

²“Vra vir al die leiers van Sigem: Is dit beter as al sewentig seuns van Jerubbaäl oor julle regeer of as net een oor julle regeer? Julle weet goed ek is een van julle.”

³Abimelek se familie het dit vir die burgers van Sigem gevra, en hulle was bereid om vir Abimelek te aanvaar, “want,” het hulle gesê, “hy is een van ons.”

⁴Hulle het vir hom sowat een kilogram silwer uit Baäl-Berit se tempel gegee, en daarmee het Abimelek vir hom leeglêers gehuur om sy volgelinge te wees.

⁵Hy is toe na sy pa se huis toe in Ofra en daar het hy sy broers, die sewentig seuns van Jerubbaäl, almal op een klip doodgemaak. Net Jotam, die jongste seun van Jerubbaäl, het oorgebly, want hy het weggekruip.

⁶Toe het al die burgers van Sigem en al die mense van Millo bymekaargekom en vir Abimelek gaan koning maak by die groot boom langs die klippilaar van Sigem.

⁷Dit is aan Jotam vertel en hy het op Gerisimberg gaan staan en vir hulle geskree: “Luister na my, leiers van Sigem, dan sal God na julle luister.

⁸“Die bome het op 'n dag gegaan om vir hulle 'n koning te salf. Hulle het vir die olyfboom gesê: ‘Wees koning oor ons!’

⁹Maar die olyfboom het vir hulle gesê: ‘Moet ek my olie prysgee waarmee eer betoon word aan gode en mense? Moet ek tussen die bome gaan ronddwaal?’

¹⁰“Toe sê die bome vir die vyeboom: ‘Kom, wees jý koning oor ons!’

¹¹Maar die vyeboom sê vir hulle: ‘Moet ek my lekker soet vrugte prysgee? Moet ek tussen die bome gaan ronddwaal?’

¹²“Toe sê die bome vir die wingerdstok: ‘Kom, wees jý koning oor ons!’

¹³Maar die wingerdstok sê vir hulle: ‘Moet ek my wyn prysgee, my wyn wat gode en mense bly maak? Moet ek tussen die bome gaan ronddwaal?’

¹⁴“Toe sê al die bome vir die doringbos: ‘Kom, wees jý koning oor ons.’

¹⁵En die doringbos sê vir hulle: ‘As julle my werklik wil self sodat ek koning oor julle kan wees, moet julle almal in my skaduwee kom skuil. As julle dit nie kan doen nie, sal daar 'n vuur uitgaan uit die doringbos uit en dit sal die seders van die Libanon verteer.’

¹⁶“Dink julle miskien julle het opreg en in goeie trou gehandel toe julle vir Abimelek koning gemaak het? Het julle reg opgetree teenoor Jerubbaäl en sy huis? Het julle hom behandel volgens wat hy verdien?

¹⁷My pa het in julle belang gaan oorlog maak, hy het sy lewe openlik in gevaar gestel, hy het julle uit die mag van die Midianiete bevry.

¹⁸Maar julle het vandag in opstand gekom teen hom en sy huis, en julle het sy sewentig seuns almal op een klip doodgemaak. En toe het julle vir Abimelek, die seun van sy slavin, koning gemaak oor die burgers van Sigem net omdat hy julle familie is.

¹⁹As julle vandag opreg en in goeie trou gehandel het teenoor Jerubbaäl en sy huis, moet julle bly wees oor Abimelek en hy moet bly wees oor julle.

²⁰Maar as dit nie so is nie, moet daar 'n vuur uit Abimelek uitgaan en die burgers van Sigem en die mense van Millo verteer. Daar moet ook 'n vuur uit die burgers van Sigem en die mense van Millo uitgaan en vir Abimelek verteer.”

²¹Jotam het toe gevlug. Hy het na Beër toe padgegee en daar gaan woon omdat hy bang was vir sy broer Abimelek.

²²Abimelek het drie jaar lank oor Israel geregeer.

²³Toe het God vyandskap laat kom tussen Abimelek en die burgers van Sigem, en hulle het teen hom in opstand gekom.

²⁴God het dit oor Abimelek gebring oor die onreg wat hy sy broers, die sewentig seuns van Jerubbaäl, aangedoen het toe hy hulle vermoor het. God wou hulle dood wreek, en Hy het dié dinge oor die burgers van Sigem gebring omdat hulle vir Abimelek gehelp het om sy broers te vermoor.

²⁵Die burgers van Sigem het teen Abimelek hinderlae opgestel op die bergtoppe, en hulle het almal wat verbykom, beroof. Dit is aan Abimelek vertel.

²⁶Gaäl seun van Ebed en sy broers het daar verbygekom en in Sigem aangekom. Die burgers van Sigem het hom vertrou.

²⁷Hy en sy mense het op 'n keer lande toe gegaan om druiwe te pluk en te pars. Toe het hulle begin feesvier in die tempel van hulle god en nadat hulle geëet en gedrink het, het hulle vir Abimelek begin verkleineer.

²⁸Gaäl seun van Ebed het gevra: “En wie is Abimelek nogal, en wie is Sigem dat ons aan hom moet onderdanig wees? Moet Jerubbaäl se seun en sy goewerneur Sebul nie eerder aan die mense van Gamor, Sigem se voorvader, onderdanig wees nie? Waarom moet ons aan Abimelek onderdanig wees?”

²⁹As ek in bevel was van hierdie mense, sou ek vir Abimelek verjaag het.” Gaäl het vir Abimelek gedaag: “Bring maar jou groot leer!”

³⁰Toe Sebul die stadsgoewerneur verneem wat Gaäl seun van Ebed gesê het, het hy baie kwaad geword.

³¹Hy het 'n boodskap aan Abimelek in Torma gestuur: “Gaäl seun van Ebed en sy mense het na Sigem toe gekom en hulle sweep die stad teen jou op.

³²Jy en jou manne moet vannag kom en in die veld 'n hinderlaag opstel.

³³En môreoggend teen sonop moet jy die stad storm. Dan sal hy en die mense by hom teen jou optrek en kan jy vir Gaäl straf.”

³⁴Abimelek en al sy manne het toe in die nag klaargemaak en op vier punte 'n hinderlaag teen Sigem opgestel.

³⁵Toe Gaäl seun van Ebed op pad buitentoe by die stadspoort gaan staan, het Abimelek en sy manne juis in die hinderlaag opgestaan.

³⁶Gaäl het die manne gesien en vir Sebul gesê: “Kyk, daar kom mense van die bergtoppe af.” Maar Sebul sê vir hom: “Dis die skaduwee van die berg wat jy vir mense aansien.”

³⁷Gaäl het weer met hom gepraat en vir hom gesê: “Kyk, daar kom mense van die middelpunt van die land af. Daar kom ook 'n afdeling van die groot waarsêersboom af.”

³⁸Toe sê Sebul vir hom: “Hoe lyk dit nou met jou groot mond waarmee jy gesê het: ‘Wie is Abimelek nogal dat ons aan hom moet onderdanig wees?’ Is dit nie dalk die mense van wie jy so met minagting gepraat het nie? Trek nou op en gaan veg teen hulle.”

³⁹Gaäl is toe voor die burgers van Sigem uit en hy het teen Abimelek gaan veg.

⁴⁰Hy het vir Gaäl op die vlug gejaag en Gaäl het vir Abimelek gevlug. Daar het baie mense gesneuwel by die stadspoort.

⁴¹Abimelek het in Aruma gewoon, en Sebul het vir Gaäl en sy mense verdryf en hulle kon nie in Sigem bly woon nie.

⁴²Die volgende môre het die burgers van die omgewing dit vir Abimelek gaan vertel.

⁴³Hy het sy manne gevat en in drie groepe verdeel en 'n hinderlaag in die veld opgestel. Toe hy die mense uit die stad sien uitkom, het hy hulle gestorm en verslaan.

⁴⁴Abimelek en die leiers by hom het gestorm en by die poort van die stad gaan staan, en die twee ander groepe het gestorm en al die mense in die oop veld verslaan.

⁴⁵Abimelek het daardie hele dag teen die stad geveg. Hy het dit ingeneem en al die mense daarin doodgemaak. Hy het die stad afgebreek en sout daaroor gestrooi.

⁴⁶Toe al die burgers van Migdol-Sigem dit hoor, het hulle na die grafkelder in die tempel van El-Berit toe gegaan.

⁴⁷Aan Abimelek is vertel dat al die burgers van Migdol-Sigem daar bymekaargekom het.

⁴⁸Toe het hy met sy manne Salmonberg uitgeklim. Hy het 'n byl gevat, 'n boomtak afgekap en dit op sy skouer getel. Toe sê hy vir sy manne: “Julle het gesien wat ek doen. Doen dit ook gou!”

⁴⁹Elkeen het toe vir hom 'n tak gekap en hulle het vir Abimelek gevolg. Hulle het dit teen die grafkelder opgestapel met die mense daarbinne, en dit aan die brand gestee. So het hulle al die burgers van Migdol-Sigem doodgemaak, omtrent duisend mans en vrouens.

⁵⁰Daarna is Abimelek na Tebes toe. Hy het dit beleër en ingeneem.

⁵¹In die middel van die stad was daar 'n sterk toring en al die mans en vrouens van Tebes het daarheen gevlug, al die burgers van die stad is daar in. Hulle het hulleself daarin toegesluit en op die dak van die toring gaan staan.

⁵²Abimelek het by die toring gekom en wou dit bestorm, maar toe hy by die deur van die toring kom om dit aan die brand te steek,

⁵³het 'n vrou 'n maalklip op sy kop gegooi en sy kopbeen verbrysel.

⁵⁴Toe roep hy gou sy wapendraer en sê vir hom: “Trek jou swaard! Maak my dood. Hulle moenie van my kan sê 'n vrou het my doodgemaak nie!” Sy wapendraer het hom toe met die swaard deurboor, en so is Abimelek dood.

⁵⁵Toe die Israeliete sien Abimelek is dood, is hulle almal huis toe.

⁵⁶So het God die onreg gestraf wat Abimelek sy pa aangedoen het toe Abimelek sy sewentig broers vermoor het.

⁵⁷God het ook al die verkeerde dade van die mense van Sigem op hulle koppe laat afkom: die vloek wat Jotam seun van Jerubbaäl oor hulle uitgespreek het, het hulle getref.

Rigters 10

Tola en Jaïr

¹Na Abimelek het Tola na vore gekom om die Israeliete te red. Hy was 'n seun van Puwwa, seun van Dodo uit Issaskar, en hy het in Samir op die Efraimsberge gewoon.

²Hy was drie en twintig jaar lank die leier van Israel. Hy het gesterf, en hy is in Samir begrawe.

³Na hom het Jaïr uit Gilead na vore gekom en hy was twee en twintig jaar lank die leier van Israel.

⁴Jaïr het dertig seuns gehad en elkeen het op 'n jong donkie gery. Hulle het dertig dorpe besit en dit word nou nog die tentdorpe van Jaïr genoem. Die dorpe is in Gilead geleë.

⁵Jaïr het gesterf, en hy is begrawe in Kamon.

Jefta

⁶Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hulle het die Baäls en die Astartes en die gode van Sidon vereer, en ook dié van die Arameërs, die Moabiete, die Ammoniete en die Filistyne. Hulle was ontrou aan die Here, hulle het Hom nie gedien nie.

⁷Toe het die Here kwaad geword vir die Israeliete en Hy het hulle oorgegee in die mag van die Filistyne en die Ammoniete.

⁸Van toe af het die Amoriëte die Israeliete in Gilead agtien jaar lank verdruk en mishandel. Gilead was oos van die Jordaan, in die gebied van die Amoriëte.

⁹Die Amoriëte het selfs die Jordaan oorgesteek en teen Juda, Benjamin en Efraïm gaan oorlog maak en Israel swaar laat ly.

¹⁰Toe het die Israëliëte tot die Here geroep: “Ons het teen U gesondig. Ons was ontrou aan ons God en ons het die Baäls gedien.”

¹¹Die Here het vir die Israëliëte gesê: “Toe die Egiptenaars, die Amoriëte, die Ammoniete, die Filistyne,

¹²die mense van Sidon, Amalek en Maon julle verdruk het en julle tot My geroep het, het Ek julle uit hulle mag gered.

¹³Maar julle was nou ontrou aan My, julle het ander gode gedien en daarom het Ek julle nie nou gered nie.

¹⁴Gaan roep tot die gode wat deur julle gekies is. Laat hulle julle red nou dat julle swaarkry.”

¹⁵Maar die Israëliëte het die Here geantwoord: “Ons het gesondig! Doen U met ons wat goed is in u oë, maar red ons tog net vandag! ”

¹⁶Hulle het toe die ander gode tussen hulle uit verwyder en hulle het die Here gedien, en Hy het 'n end gemaak aan hulle swaarkry.

¹⁷Die Ammoniete is opgeroep en hulle het kamp opgeslaan in Gilead. Die Israëliëte het ook bymekaargekom en in Mispa kamp opgeslaan.

¹⁸Die leiers van Gilead het vir mekaar gevra: “Wie sal die oorlog teen die Ammoniete begin? Dié man moet die leier van al Gilead se mense word.”

Rigters 11

¹Jefta was 'n seun van Gilead. Hy was 'n dapper soldaat. Sy ma was 'n prostituut, maar sy pa was Gilead.

²Gilead se vrou het ook vir hom seuns in die wêreld gebring, en toe hulle grootword, het hulle vir Jefta weggejaag en vir hom gesê: “Jy mag nie van ons pa erf nie, want jy is die kind van 'n ander vrou.”

³Toe vlug Jefta van sy broers af weg en gaan woon in Tob. 'n Klomp leeglêers het hulle by Jefta geskaar en saam met hom gegaan.

- ⁴n Ruk daarna het die Ammoniete teen die Israeliete kom veg.
- ⁵Dit is toe dat die leiers van Gilead vir Jefta uit Tob gaan haal het.
- ⁶Hulle het vir hom gesê: “Kom word ons aanvoerder sodat ons teen die Ammoniete kan veg.”
- ⁷Jefta het vir die leiers van Gilead gesê: “Julle het my gehaat. Julle het my weggejaag uit my pa se huis uit. Waarom kom julle nou dat julle in die moeilikheid is na my toe? ”
- ⁸Maar die leiers van Gilead het vir Jefta gesê: “Dit is juis waarom ons terug is by jou. Jy moet saam met ons kom sodat ons kan gaan oorlog maak teen die Ammoniete. Jy moet ons leier word en ook al die mense van Gilead s'n.”
- ⁹Toe sê Jefta vir die leiers van Gilead: “Moet ek julle leier word as julle my terugneem om teen die Ammoniete te veg en die Here hulle in my mag oorgee? ”
- ¹⁰Die leiers van Gilead het vir Jefta gesê: “Die Here hoor wat ons vir mekaar sê en Hy sal ons straf as ons nie doen wat jy sê nie.”
- ¹¹Jefta is toe saam met die leiers van Gilead, en die leër het hom aangestel as hulle leier en aanvoerder. Hy het alles wat hy vir die leiers van Gilead gesê het, in Mispa herhaal in die teenwoordigheid van die Here.
- ¹²Toe stuur Jefta boodskappers na die koning van die Ammoniete toe om hom te vra: “Wat het tussen ons gebeur dat jy hiernatoe gekom het om teen my land oorlog te maak? ”
- ¹³Die koning van die Ammoniete het die boodskappers van Jefta geantwoord: “Toe die Israeliete uit Egipte weggetrek het, het hulle my land gevat, van die Arnon af tot by die Jabbok en die Jordaan. Gee dit nou in vrede terug.”
- ¹⁴Jefta het toe weer boodskappers na die koning van die Ammoniete toe gestuur
- ¹⁵om vir hom te sê: “So sê Jefta: Israel het nie die grond van die Moabiete en die grond van die Ammoniete gevat nie.

¹⁶Toe Israel uit Egipte weggetrek het, het hy deur die woestyn getrek tot by die Rietsee, en toe het hy by Kades aangekom.

¹⁷Daar het hy boodskappers na die koning van Edom toe gestuur en gevra: ‘Laat my asseblief deur jou land trek,’ maar hy het nie ingestem nie. Israel het dieselfde van die koning van Moab gevra, maar hy wou hulle nie toelaat nie. Israel het toe in Kades gebly.

¹⁸Daarna het hy deur die woestyn getrek, by die gebied van Edom en dié van Moab verby en oos van Moab, noord van die Arnon, kamp opgeslaan. Hy het nie in die gebied van Moab gekom nie, want die Arnon is Moab se grens.

¹⁹Toe het Israel boodskappers gestuur na koning Sihon van die Amoriete toe in Gesbon en vir hom gevra: ‘Laat my tog na my plek toe trek deur jou gebied.’

²⁰Maar Sihon het nie vir Israel vertrou om hom deur sy gebied te laat trek nie. Sihon het sy hele volk bymekaargemaak, en hulle het by Jahas kamp opgeslaan en teen Israel begin veg.

²¹Die Here die God van Israel het vir Sihon en sy hele volk in die mag van Israel oorgegee, en hy het hulle verslaan en die hele gebied waar die Amoriete toe gewoon het, in besit geneem.

²²“Die Israeliete het die hele gebied van die Amoriete in besit geneem, van die Arnon af tot by die Jabbok en van die woestyn af tot by die Jordaan.

²³Die Here die God van Israel het die Amoriete weggedryf voor sy volk Israel uit, en wil jy hom nou kom verdryf?

²⁴Jy besit wat jou god Kemos jou in besit laat neem het. Wat die Here ons God ons in besit laat neem het, is ons s'n.

²⁵Is jy dalk beter as koning Balak van Moab, seun van Sippor? Het hy dalk 'n saak gemaak teen Israel of met hom oorlog gemaak?

²⁶“Drie honderd jaar gelede het Israel in Gesbon en sy buitedorpe gaan woon, en ook in Aroër en sy buitedorpe, en in al die stede op die Arnonoewer. Waarom het jy hulle nie in daardie tyd teruggevat nie?

²⁷Ek het niks verkeerds teenoor jou gedoen nie; maar jy handel verkeerd teenoor my deur met my te kom oorlog maak. Die Here wat regter is, sal vandag uitspraak lewer in die saak tussen die Israeliete en die Ammoniete.”

²⁸Maar die koning van die Ammoniete het nie geluister na die boodskap wat Jefta gestuur het nie.

²⁹Toe het die Gees van die Here op Jefta gekom, en hy het deur Gilead en Manasse getrek en verbygetrek tot by Mispa in Gilead, en van daar af het hy teen die Ammoniete opgetrek.

³⁰Jefta het 'n gelofte teenoor die Here afgelê en gesê: “As U die Ammoniete vandag heeltemal oorgee in my mag,

³¹sal dié een wat my uit my huis uit tegemoet kom wanneer ek behoue terugkom van die Ammoniete af, aan die Here behoort: ek sal hom as brandoffer offer.”

³²Jefta het na die Ammoniete toe getrek om teen hulle te veg, en die Here het hulle in sy mag oorgegee.

³³Jefta het hulle van Aroër af verslaan tot waar 'n mens kom by Minnit, twintig stede. By Abel-Keramim was daar 'n groot veldslag. Die Ammoniete is voor die Israeliete verneder.

³⁴Jefta het in Mispa by sy huis gekom, en toe kom sy dogter hom tegemoet met tamboeryne en koordanse. Sy was sy enigste kind. Hy het nie nog 'n seun of 'n dogter gehad nie.

³⁵Toe hy haar sien, het hy sy klere geskeur en gesê: “Ag, my dogter, jy het my gebreek en in die ellende gedompel: ek het my woord aan die Here gegee en ek kan dit nie terugtrek nie.”

³⁶Jefta se dogter het hom geantwoord: “Pa, Pa het Pa se woord aan die Here gegee. Doen met my wat Pa gesê het nou dat die Here vir Pa gehelp het om Pa se vyande, die Ammoniete, te straf.”

³⁷Sy het verder vir hom gesê: “Bewys my net hierdie guns: gee my twee maande uitstel om berge toe te gaan en daar saam met my vriendinne te gaan treur oor my lewe as jongmeisie.”

³⁸Hy het vir haar gesê: “Gaan gerus maar! ” Hy het haar twee maande vrygelaat, en sy en haar vriendinne het berge toe gegaan en gaan treur oor haar lewe as jongmeisie.

³⁹Na die twee maande het sy teruggekom na haar pa toe en hy het met haar gehandel volgens sy gelofte wat hy afgelê het. Sy het nooit gemeenskap met 'n man gehad nie.

⁴⁰Dit het 'n gewoonte in Israel geword: dat die Israelitiese meisies elke jaar vier dae lank gaan treur oor die dogter van Jefta die Gileadiet.

Rigters 12

¹Die manne van Efraim is vir oorlog opgeroep en het deur die Jordaan getrek na Safon toe. Hulle het vir Jefta gaan sê: “Waarom het jy alleen opgetrek om teen die Ammoniete te gaan veg? Waarom het jy ons nie opgeroep om saam met jou te gaan nie? Ons gaan jou huis bokant jou kop afbrand.”

²Jefta het hulle geantwoord: “Ek en my manskappe was in 'n ernstige stryd gewikkel met die Ammoniete, en ek het julle hulp ingeroep. Maar julle het my nie uit hulle mag kom red nie.

³Toe ek merk daar is niemand wat my kom red nie, het ek my lewe gewaag en teen hulle opgetrek. Die Here het hulle in my mag oorgegee. Waarom kom julle nou teen my oorlog maak? ”

⁴Jefta het toe al die manne van Gilead opgeroep en teen Efraim oorlog gemaak, en die manne van Gilead het vir Efraim verslaan. Die mense van Efraim het altyd vir hulle gesê: “Julle mense van Gilead is weglopers uit Efraim en Manasse.”

⁵Die manne van Gilead het die Jordaandriwwe na Efraim toe beset, en wanneer 'n Efraimitiese vlugteling sê: “Ek wil deurgaen,” sê hulle vir hom: “Jy is 'n Efraimiet.” As hy sê: “Nee, ek is nie,”

⁶sê hulle vir hom: “Sê 'n bietjie: Sjibbolet,” maar dan sê hy: “Sibbolet,” want hy kan dit nie reg uitspreek nie. Dan gryp hulle hom en maak hom daar by die Jordaandrif dood. In daardie tyd het daar twee en veertig duisend man van Efraim gesneuwel.

⁷Jefta was ses jaar lank 'n leier van Israel. Jefta die Gileadiet het gesterf, en hy is begrawe in een van die stede in Gilead.

Ibsan, Elon en Abdon

⁸Na Jefta was Ibsan uit Betlehem die leier van die Israeliete.

⁹Hy het dertig seuns en dertig dogters gehad. Hy het sy dogters met mans laat trou wat nie aan sy stam behoort het nie, en vir sy seuns het hy dertig vrouens van buite sy stam af laat kom. Hy was sewe jaar lank leier van die Israeliete.

¹⁰Ibsan het gesterf, en hy is begrawe in Betlehem.

¹¹Na hom was Elon uit Sebulon leier van die Israeliete, tien jaar lank.

¹²Elon uit Sebulon het gesterf, en hy is begrawe in Ajalon in die Sebulongebied.

¹³Na hom was Abdon seun van Hillel uit Piraton leier van Israel.

¹⁴Hy het veertig seuns en dertig kleinseuns gehad. Hulle het op sewentig donkies gery. Hy was ag jaar lank leier van die Israeliete.

¹⁵Abdon seun van Hillel uit Piraton het gesterf, en hy is begrawe in Piraton op Amalekberg in die Efraimgebied.

Rigters 13

Simson

¹Die Israeliete het weer gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en Hy het hulle veertig jaar lank oorgegee in die mag van die Filistyne.

²Daar was 'n man uit Sora uit die stam van Dan. Sy naam was Manoag. Sy vrou was kinderloos.

³Die Engel van die Here het aan haar verskyn en vir haar gesê: “Jy is nou kinderloos, maar jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring.

⁴Jy moet jouself goed oppas en nie wyn of bier drink nie en ook nie iets onreins eet nie.

⁵Trouens, jy is reeds swanger en jy sal 'n seun in die wêreld bring. Sy hare mag nie geskeer word nie, want die kind sal van sy geboorte af aan God gewy wees. Hy sal die Israeliete begin red uit die mag van die Filistyne.”

⁶Die vrou het toe vir haar man gaan sê: “Daar het 'n man van God by my gekom. Hy het gelyk soos 'n engel van God, 'n man met gesag. Ek het hom nie gevra waarvandaan hy kom nie, en hy het my nie gesê wat sy naam is nie.

⁷Hy het vir my gesê: Kyk, jy is swanger en sal 'n seun in die wêreld bring. Jy mag voortaan nie wyn of bier drink nie en ook nie enigiets onreins eet nie, want die kind sal van sy geboorte af tot met sy dood aan God gewy wees.”

⁸Toe het Manoag tot die Here gebid: “Here, laat die man van God vir wie U gestuur het, asseblief weer na ons toe kom dat hy ons kan leer wat ons moet doen met die kind wat gebore sal word.”

⁹God het Manoag se gebed verhoor, en die Engel van God het weer na die vrou toe gekom. Sy het in die veld gesit, en haar man Manoag was nie by haar nie.

¹⁰Toe hardloop sy gou en sê vir haar man: “Die man wat nou die dag na my toe gekom het, het weer aan my verskyn.”

¹¹Manoag is toe dadelik agter sy vrou aan. Hy het by die man gekom en vir hom gevra: “Is u die man wat met my vrou gepraat het? ” Die Man het geantwoord: “Ja, Ek is.”

¹²Manoag het vir hom gevra: “Wanneer u belofte waar word, hoe moet die kind hom dan gedra en wat moet hy doen? ”

¹³Die Engel van die Here het vir Manoag geantwoord: “Jou vrou moet alles doen wat Ek vir haar gesê het.

¹⁴Sy mag nie die opbrengs van 'n wingerdstok eet nie, en sy mag nie wyn of bier drink nie. Sy mag ook nie iets onreins eet nie. Sy moet alles doen wat Ek vir haar gesê het.”

¹⁵Toe sê Manoag vir die Engel van die Here: “Wag tog 'n rukkie, dan maak ons vir u 'n bokkie gaar.”

¹⁶Die Engel van die Here sê toe vir Manoag: “Al laat jy My 'n rukkie wag, sal Ek nie jou kos eet nie. Maar as jy 'n brandoffer wil bring, moet jy dit vir die Here bring.” Manoag het nie besef dat dit die Engel van die Here is nie,

¹⁷en toe sê Manoag vir die Engel: “Wat is u naam? Wanneer u belofte waar word, wil ons aan u eer betoon.”

¹⁸Hy het vir Manoag geantwoord: “Waarom vra jy my Naam? Dit is te wonderlik om uit te spreek.”

¹⁹Toe vat Manoag die bokkie, en hy sit dit saam met 'n graanoffer op 'n klip as offer vir die Here. Terwyl Manoag en sy vrou staan en kyk, het die Here 'n wonder laat gebeur.

²⁰Die vlam het van die altaar af opgegaan hemel toe en die Engel van die Here het in die altaarvlam opgestyg. Manoag en sy vrou het dit gesien en hulle het platgeval op die grond.

²¹Die Engel van die Here het nie weer aan Manoag en sy vrou verskyn nie, maar Manoag het besef dat dit die Engel van die Here was.

²²Toe sê Manoag vir sy vrou: “Ons gaan beslis sterf, want ons het God gesien,”

²³maar sy sê vir haar man: “As die Here ons wou doodmaak, sou Hy nie die brandoffer en graanoffer van ons aangeneem het nie. Hy sou ons ook nie hierdie wonderlike ding laat sien het en ons vandag hierdie nuus meegedeel het nie.”

²⁴Die vrou het 'n seun in die wêreld gebring en sy het hom Simson genoem. Die kind het groot geword en die Here het hom geseën:

²⁵die Gees van die Here het hom in Magane-Dan, tussen Sora en Estaol, begin lei.

Rigters 14

¹Op 'n keer is Simson na Timna toe en daar het hy 'n vrou gesien. Sy was 'n Filistynse meisie.

²Hy het teruggegaan en vir sy ouers vertel: “Ek het 'n vrou in Timna gesien, 'n Filistynse meisie. Gaan kry haar vir my as vrou.”

³Maar sy ouers vra vir hom: “Is daar nie onder jou familie of onder al jou volksgenote 'n vrou nie dat jy na die heidene, die Filistyne, toe moet gaan om te trou? ” Simson het vir sy pa gesê: “Kry haar vir my, want ek hou van haar.”

⁴Sy ouers het nie besef dat dit alles van die Here kom nie, want Hy wou 'n geleentheid skep om die Filistyne te straf: in dié tyd het die Filistyne oor Israel geheers.

⁵Simson en sy ouers is toe na Timna toe. By die wingerde van Timna het 'n jong leeu brullend op Simson afgestorm.

⁶Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak en hy het die leeu kaalhand uitmekaar geskeur asof dit 'n bokkie was. Simson het nie vir sy ouers vertel wat hy gedoen het nie.

⁷Hy het toe met die Filistynse vrou gaan praat, en hy het van haar gehou.

⁸Toe hy 'n ruk later terug is Timna toe om met haar te gaan trou, het hy afgedraai om na die geraamte van die leeu te gaan kyk. Daar was 'n swerm bye met heuning in die karkas.

⁹Hy het heuning in sy hand gevat en daarvan geloop en eet. Toe hy by sy ouers kom, het hy vir hulle ook gegee, en hulle het geëet, maar hy het hulle nie vertel dat hy die heuning uit die karkas van 'n leeu gekry het nie.

¹⁰Toe sy pa-hulle by die vrou aankom, het Simson daar 'n feesmaal gehou: dit was 'n gewoonte onder die jongmanne.

¹¹Toe die Filistyne hom sien, het hulle dertig vriende by hom laat bly.

¹²Hy het vir hulle gesê: “Laat ek julle 'n raaisel vra. As julle my die raaisel se antwoord binne die sewe feesdae kan gee, sal ek vir julle dertig linnehemde en dertig stelle klere gee,

¹³maar as julle dit nie kan doen nie, moet julle vir my dertig linnehemde en dertig stelle klere gee.” Hulle het hom geantwoord: “Gee jou raaisel! Ons wil dit hoor! ”

¹⁴Simson sê toe: “Uit 'n eter kom daar iets te ete, uit 'n sterke kom daar iets soets.” Die derde dag kon hulle nog nie die antwoord gee nie.

¹⁵Die sewende dag sê hulle toe vir Simson se vrou: “Haal jou man oor om die antwoord op die raaisel aan ons bekend te maak, anders verbrand ons jou en jou familie. Het jy ons hierheen genooi om ons kaal uit te trek? ”

¹⁶Simson se vrou het by hom gehuil en gesê: “Jy haat my. Jy het my nie lief nie. Jy het my mense 'n raaisel gevra sonder om vir my te sê wat dit beteken.” Hy het vir haar gesê: “Hoe sou ek dit vir jou vertel? Ek het dit selfs nie vir my ouers vertel nie.”

¹⁷Sy het die hele sewe dae van die fees by hom geneul en op die sewende dag het hy dit vir haar vertel, want sy het hom bly lastig val. Sy het toe die antwoord op die raaisel vir haar mense gegee.

¹⁸Op die sewende dag, net voor sononder, sê die mense van die stad toe vir Simson: “Wat is soeter as heuning? Wat is sterker as 'n leeu? ” Hy sê toe vir hulle: “Julle het met my kalf geploeg anders sou julle nie die antwoord op my raaisel gevind het nie! ”

¹⁹Die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak, en hy is af Askelon toe. Daar het hy dertig man doodgeslaan en hulle klere gevat en vir die mans gegee wat die raaisel uitgelê het. Hy was baie kwaad en is na sy pa se huis toe.

²⁰Simson se vrou is toe aan die vriend gegee wat sy strooijonker was.

Rigters 15

¹'n Ruk later, in die koringoestyd, het Simson vir sy vrou gaan kuier en 'n bokkie saamgevat. Hy het gesê: “Ek wil by my vrou gaan slaap.” Maar haar pa wou hom nie toelaat nie.

²Haar pa het gesê: “Ek was doodseker dat jy haar nou haat, en daarom het ek haar vir jou strooijonker gegee. Haar jonger suster is mooier as sy. Jy kan haar kry in jou vrou se plek.”

³Maar Simson sê vir hulle: “Hierdie keer het ek die Filistyne niks verkeerds aangedoen nie. Ek gaan 'n ramp oor hulle bring.”

⁴Hy het toe drie honderd jakkalse gaan vang en hulle sterte twee-twee aan mekaar vasgemaak. Hy het fakkels gevat en tussen elke twee sterte 'n fakkel vasgemaak.

⁵Hy het toe die fakkels aan die brand gestee en die jakkalse tussen die graan van die Filistyne losgelaat. Hy het die miedens en die graan op die land aan die brand gestee, ook die wingerde en die olyfboorde.

⁶Toe die Filistyne vra: “Wie het dit gedoen? ” is daar gesê: “Simson, die skoonseun van die man uit Timna, want hy het Simson se vrou met sy strooijonker laat trou.” Die Filistyne het toe gekom en haar en haar pa verbrand.

⁷Simson het vir hulle gesê: “As dít is wat julle doen, sal ek nie ophou voordat ek my op julle gewreek het nie.”

⁸Hy het hulle verwoed aangeval en 'n groot slagting aangerig. Toe het hy vertrek en in die rotskloof by Etam gaan woon.

⁹Die Filistyne het in Juda gaan kamp opslaan en 'n strooptog teen Legi uitgevoer.

¹⁰Toe vra die mense van Juda: “Waarom het julle teen ons opgetrek? ” en die Filistyne antwoord: “Om vir Simson te vang en met hom te doen wat hy met ons gedoen het.”

¹¹Toe gaan drie duisend man van Juda na die rotskloof toe by Etam en hulle vra vir Simson: “Het jy nie besef dat die Filistyne oor ons heers nie? Wat het jy ons nou aangedoen? ” Hy het hulle geantwoord: “Ek het die Filistyne net aangedoen wat hulle my aangedoen het.”

¹²Die manne van Juda sê toe vir hom: “Ons het jou kom boei om jou aan die Filistyne uit te lewer.” Simson het vir hulle gesê: “Lê eers vir my 'n eed af dat julle my nie om die lewe sal bring nie.”

¹³Hulle het hom beloof: “Goed! Ons sal jou nie doodmaak nie. Ons sal jou net boei en aan die Filistyne uitlewer.” Die manne het hom toe met twee nuwe toue vasgebind en hom van die rots af weggevat.

¹⁴Toe hy in Legi kom, het die Filistyne hard geskreeu en op hom afgestorm. Maar die Gees van die Here het vir Simson sterk gemaak, en die toue om sy arms was soos garingdraadjies wat brand, en sy boeie het van sy hande afgeval.

¹⁵Toe kry Simson die vars kakebeen van 'n donkie in die hande en hy vat dit vas en slaan 'n duisend Filistyne daarmee dood.

¹⁶Toe sê hy: “Met die kakebeen van 'n donkie het ek 'n hople van hulle gemaak, met die kakebeen van 'n donkie het ek duisend man doodgeslaan.”

¹⁷Toe hy dit gesê het, het hy die kakebeen weggegooi en die plek Kakebeenshoogte genoem.

¹⁸Simson was baie dors en toe roep hy tot die Here: “U het hierdie groot oorwinning deur my moontlik gemaak. Moet ek nou van dors sterf en in die hande van die heidene val? ”

¹⁹Toe het God die holte by Legi oopgebreek en daar het water uitgekom en Simson het gedrink en weer nuwe krag gekry. Daarom word die fontein in Legi nou nog Roepersfontein genoem.

²⁰Simson was in die tyd van die Filistyne twintig jaar lank leier van die Israëliete.

Rigters 16

Simson in Gasa

¹Simson is op 'n keer na Gasa toe. Daar het hy 'n prostituut gesien en by haar huis ingegaan.

²Daar is toe vir die mense van Gasa vertel: “Simson het hierheen gekom.” Hulle het die huis omsingel en hom die hele nag deur voorgelê by die stadspoort. Hulle het die hele nag in stilte gewag en gedink: môre ligdag maak ons hom dood.

³Maar Simson het net bly lê tot middernag. Toe staan hy op, vat die stadspoort se deure met hulle kosyne en al en ruk hulle so toegesluit uit. Hy het alles op sy skouer teen die berg regoor Hebron opgedra.

Simson en Delila

⁴'n Ruk later het Simson verlief geraak op 'n vrou in die Sorekvallei. Haar naam was Delila.

⁵Die leiers van die Filistyne is toe na haar toe, en hulle het vir haar gesê: “Verlei hom en vind uit waarin lê sy groot krag en hoe ons hom kan oorrompel om hom vas te bind en in ons mag te kry. Elkeen van ons sal jou dan dertien kilogram silwer gee.”

⁶Delila het toe vir Simson gevra: “Sê my tog waarin lê jou groot krag, en waarmee kan 'n mens jou vasbind om jou in sy mag te kry? ”

⁷Simson het haar geantwoord: “As hulle my vasbind met sewe boogsnare wat nog klam is, sal ek magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees.”

⁸Die leiers van die Filistyne het vir haar sewe boogsnare wat nog klam is, gebring en sy het hom daarmee vasgebind.

⁹Daar het ook manne in haar kamer weggekruip. Toe sê sy vir Simson: “Die Filistyne is hier, Simson! ” Hy het die boogsnare gebreek soos 'n vlam garingdraad breek, en die geheim van sy krag het onbekend gebly.

¹⁰Daarna het Delila vir Simson gesê: “Jy het 'n gek van my gemaak en vir my leuens vertel. Sê my tog nou waarmee kan 'n mens jou vasbind.”

¹¹Hy het gesê: “As ek behoorlik vasgebind word met nuwe toue wat nog nooit gebruik is nie, sal ek magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees.”

¹²Delila het nuwe toue gevat en hom daarmee vasgebind, en toe sê sy vir hom: “Die Filistyne is hier, Simson! ” Daar het weer manne in haar kamer

weggekruip, maar Simson het die toue aan sy arms gebreek asof dit garingdraad was.

¹³Delila het vir Simson gesê: “Hoe lank gaan jy nog 'n gek van my maak en vir my leuens vertel? Sê my tog waarmee kan jy vasgebind word.” Hy sê toe vir haar: “Jy moet net my sewe haarlokke in jou materiaal op die weefstoel vasweef.”

¹⁴Toe sy alles klaar met 'n pen vasgesteek het, sê sy vir hom: “Die Filistyne is hier, Simson! ” Hy het wakker geskrik en die materiaal met pen en al uit die weefstoel losgeruk.

¹⁵Toe sê sy vir hom: “Hoe kan jy sê jy het my lief as jy my nie vertrou nie? Jy het my nou al drie keer bedrieg en my nie vertel waarin jou groot krag lê nie.”

¹⁶So het sy dae lank by hom bly neul en hom lastig geval. Hy het so ongeduldig geraak dat hy kon sterf.

¹⁷Toe vertel hy haar sy lewensgeheim. Hy het vir haar gesê: “My hare is nooit geskeer nie, want ek is van my geboorte af aan God gewy. As my hare afgeskeer word, sal my krag verdwyn en ek sal magteloos wees. Ek sal soos 'n gewone mens wees.”

¹⁸Delila het besef dat hy haar hierdie keer sy lewensgeheim vertel het. Sy het toe die leiers van die Filistyne laat roep: “Kom hierdie keer! Hy het my sy lewensgeheim vertel.” Hulle het toe na haar toe gekom en die geld saamgebring.

¹⁹Sy het vir Simson op haar skoot aan die slaap gemaak en 'n man geroep, en hy het Simson se sewe haarlokke afgeskeer. So het sy hom laat swak word, sy krag het verdwyn.

²⁰Toe sy sê: “Die Filistyne is hier, Simson! ” het hy wakker geskrik en gedink: ek sal weer uitstap soos die vorige kere en my losruk. Maar hy het nie besef dat die Here hom verlaat het nie.

²¹Die Filistyne het hom gegryp en sy oë uitgesteek. Hulle het hom na Gasa toe gevat en hom met 'n dubbele bronsketting geboei. In die tronk moes hy die meul draai.

²²Daar het sy hare wat afgeskeer was, weer begin groei.

Simson se laaste daad

²³Die leiers van die Filistyne het bymekaargekom om 'n groot offer te bring vir hulle god Dagon en om fees te vier. Hulle het gesê: “Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee.”

²⁴Toe die Filistyne hom sien, het hulle hulle god geprys en gesê: “Ons god het ons vyand in ons mag oorgegee, ons vyand wat ons land verwoes het, hy wat so baie van ons doodgemaak het! ”

²⁵Toe die Filistyne lekker vrolik was, het hulle gesê: “Roep vir Simson dat hy ons kom vermaak.” Hulle het toe vir Simson uit die tronk laat kom, en hy het hulle vermaak. Hulle het hom tussen die tempelpilare laat staan,

²⁶en hy het vir die helper wat hom aan die hand vasgehou het, gesê: “Laat my so staan dat ek die pilare kan voel waarop die tempel rus en dat ek daarteen kan leun.”

²⁷Die tempel was vol mans en vrouens. Al die leiers van die Filistyne was daar, en op die dak was omtrent drie duisend mans en vrouens wat gekyk het hoe Simson hulle vermaak.

²⁸Toe roep Simson tot die Here: “Here my God, dink tog aan my! Maak my tog net hierdie een keer sterk, o God, dat ek my met een daad op die Filistyne kan wreek oor my twee oë! ”

²⁹Simson het die twee middelpilare waarop die tempel rus, vasgevat en teen hulle geleun met sy regterarm om die een en sy linkerarm om die ander.

³⁰Toe sê hy: “Laat my sterf saam met die Filistyne.” Hy het met al sy krag getrek, en die tempel het ingeval op die leiers van die Filistyne en op die mense daarin. So het Simson met sy dood meer mense doodgemaak as in sy lewe.

³¹Daarna het sy broers en sy hele familie gekom en sy lyk kom haal. Hulle het hom gevat en gaan begrawe tussen Sora en Estaol, in sy pa Manoag se graf. Simson was twintig jaar lank leier van die Israeliete.

Rigters 17

Die afgode van Miga

¹Daar was 'n man uit die Efraimsberge. Sy naam was Miga.

²Hy het vir sy ma gesê: “Daar is dertien kilogram silwer van Ma gesteel. Ek het gehoor hoe Ma dit vervloek, maar dit is by my. Ek het dit gevat.” Toe sê sy ma vir hom: “Mag die Here jou seën, my seun.”

³Die man het die dertien kilogram silwer vir sy ma teruggebring, en toe sê sy: “Ek wy die silwer in belang van my seun aan die Here. Jy moet daarvan 'n afgodsbeeld maak. Ek gee dit vir jou terug, my seun.”

⁴Nadat hy die silwer aan sy ma terugbesorg het, het sy sowat twee en 'n half kilogram daarvan gevat en vir 'n silwersmid gegee om 'n afgodsbeeld te maak. Dit is toe in Miga se huis gesit.

⁵Miga het naamlik sy eie tempel gehad en hy het 'n efodbeeld en afgodsbeeldjies gemaak. Toe het hy een van sy seuns as priester gewy, en die seun het Miga se priester geword.

⁶In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.

⁷Daar was 'n jongman uit Betlehem in Juda wat aan die Judastam behoort het. Hy was 'n Leviet en het as vreemdeling in Betlehem gewoon.

⁸Hy het van daar af weggegaan om 'n ander woonplek te gaan soek. Hy het op die Efraimsberge uitgekóm by die huis van Miga om daar 'n heenkome te vind.

⁹Miga het vir hom gevra: “Waarvandaan kom jy?” en hy het geantwoord: “Ek is 'n Leviet uit Betlehem in Juda en ek is onderweg op soek na 'n woonplek.”

¹⁰Toe sê Miga vir hom: “Bly by my en wees vir my 'n leermeester en 'n priester, dan gee ek jou honderd en veertien gram silwer in 'n jaar, en kos en klere.”

¹¹Die Leviet het ingestem om by die man te bly, en die jongman was vir Miga soos een van sy eie seuns.

¹²Miga het die Leviet as priester gewy, en die jongman het Miga se priester geword en in Miga se huis gebly.

¹³Toe sê Miga: “Nou weet ek die Here sal vir my goed wees, want die Leviet het my priester geword! ”

Rigters 18

Die stam Dan trek na Lajis toe

¹In die tyd toe daar nog nie 'n koning in Israel was nie, het die stam Dan grond gesoek om op te woon, want tot op daardie tyd het hy nog nie 'n eie besitting onder die stamme van Israel gekry nie.

²Die mense van Dan het vyf dapper man uit Sora en uit Estaol gestuur as verteenwoordigers van hulle hele stam om die land te verken en deur te kyk. Daar is vir hulle gesê: “Gaan kyk die land deur.” Hulle het by die huis van Miga in die Efraimsberge gekom en daar oornag.

³Toe hulle by die huis van Miga kom, het hulle die stem van die jongman, die Leviet, herken en daar ingedraai. Hulle het vir hom gevra: “Wie het jou hierheen gebring? Wat doen jy hier? Hoekom is jy hier? ”

⁴Toe sê hy vir hulle: “Miga het met my 'n reëling getref: hy het my gehuur en ek is sy priester.”

⁵Hulle het vir hom gesê: “Vra tog vir God of ons onderneming wat ons aangepak het, goed sal verloop of nie! ”

⁶Die priester het vir hulle gesê: “Gaan gerus! Die Here is by julle op julle reis.”

⁷Die vyf mans is toe daar weg, en hulle het in Lajis gekom. Hulle het opgemerk dat die inwoners rustig woon, hulle was sonder agterdog en houtgerus soos die mense van Sidon maar was. Hulle het nooit iets in hulle land kortgekom nie, hulle besittings was veilig. Hulle was ver van die ander mense van Sidon af en was nie in aanraking met ander mense nie.

⁸Die vyf mans het teruggekom by hulle familie in Sora en in Estaol, en dié het vir hulle gevra: “Wat het julle gesien? ”

⁹Toe antwoord hulle: “Kom ons trek daarnatoe. Ons het die land gesien. Dit is baie mooi. Wat sit julle nog stil? Moenie talm om die land in besit te gaan neem nie.

¹⁰Wanneer julle trek, sal julle by 'n volk kom wat houtgerus is en by 'n land wat oop lê na weerskante toe. Die Here gee vir julle 'n plek waar daar nie gebrek is aan enigiets op aarde nie.”

¹¹Ses honderd goed gewapende man uit die stam Dan het toe uit Sora en uit Estaol opgetrek.

¹²Hulle het kamp opgeslaan by Kirjat-Jearim in Juda. Daarom word die plek, wat net agter Kirjat-Jearim lê, nou nog Magane-Dan genoem.

¹³Van daar af het hulle na die Efraimsberge toe getrek en by Miga se huis gekom.

¹⁴Die vyf man wat die land by Lajis gaan verken het, het vir hulle stamgenote gesê: “Julle weet, in hierdie huis is daar 'n efodbeeld, afgodsbeeldjies en 'n godsbeeld. Julle weet nou wat julle behoort te doen.”

¹⁵Hulle het daar ingedraai en na die huis van die jongman, die Leviet, toe gegaan by Miga se huis en die jongman gegroet.

¹⁶Die ses honderd goed gewapende man uit die stam Dan het by die deur gaan staan,

¹⁷en die vyf wat die land gaan verken het, het by die huis ingegaan en die godsbeeld en die afgodsbeeldjies en die efodbeeld gevat. Die priester het by die deur gestaan by die ses honderd goed gewapende man,

¹⁸en toe die vyf man die huis van Miga ingaan en die godsbeeld en die efodbeeld en die afgodsbeeldjies vat, sê die priester vir hulle: “Wat doen julle?”

¹⁹Maar hulle sê vir hom: “Bly stil! Moenie praat nie! Kom saam met ons en wees ons leermeester en priester. Is dit vir jou beter om priester te wees vir een man se huis of vir al die mense van 'n stam in Israel? ”

²⁰Die priester was toe tevrede, en hy het die efodbeeld, die afgodsbeeldjies en die godsbeeld gevat en saam met die mense van Dan gegaan.

²¹Hulle het toe weggedraai en vertrek met hulle kinders en vee en besittings op die voorpunt.

²²Toe hulle 'n ent weg is van Miga se huis af, het hy die hulp ingeroep van die mense wat in sy omgewing bly. Hulle het die mense van Dan ingehaal

²³en vir hulle geskreeu, maar die mense van Dan het omgekyk en vir Miga gesê: “Wat is dit met jou dat jy so te kere gaan? ”

²⁴Toe sê hy: “Maar julle het my god wat ek gemaak het, gevat en ook my priester, en nou gaan julle weg. Wat het ek nou oor? Hoe sê julle vir my: Wat is dit met jou? ”

²⁵Die mense van Dan het hom geantwoord: “Moenie hier by ons kom staan en lawaai nie! Netnou val 'n klompie roekelose manne jou aan en dan maak hulle jou en jou mense dood.”

²⁶Toe trek die mense van Dan verder, en Miga het besef hulle is sterker as hy en hy het omgedraai huis toe.

²⁷Die mense van Dan het die beelde gevat wat Miga gemaak het, en ook sy priester, en na Lajis toe gegaan, na die volk wat sonder agterdog en houtgerus woon, en hulle doodgemaak en hulle stad verbrand.

²⁸Niemand kon hulle red nie, want hulle was ver van Sidon af en nie binne bereik van ander mense nie. Die stad was geleë in die laagte by Bet-Regob. Die mense van Dan het die stad herbou en daarin gaan woon.

²⁹Hulle het die stad Dan genoem, na hulle stamvader Dan wat vir Israel gebore is. Die stad is vroeër Lajis genoem.

³⁰Die mense van Dan het die afgodsbeeld daar opgestel, en Jonatan, seun van Gersom seun van Moses, en sy seuns was priesters vir die stam Dan totdat die bevolking in ballingskap weggevoer is.

³¹Hulle het die afgodsbeeld van Miga wat hy gemaak het, op sy plek neergesit, en dit het daar gebly so lank as die huis van God in Silo was.

Rigters 19

'n Leviet en sy byvrou

¹Toe die volgende gebeurtenis plaasgevind het, was daar nog nie 'n koning in Israel nie. Daar was 'n Leviet wat as vreemdeling gewoon het in die uithoeke van die Efraimsberge. Hy het vir hom 'n byvrou gevat uit Betlehem in Juda.

²Die byvrou het ontrou geword en van hom af weggegaan na haar pa se huis toe in Betlehem in Juda. Sy was 'n jaar en vier maande lank daar,

³en toe gaan haar man agter haar aan. Hy wou met haar gaan mooipraat om haar te laat terugkom na hom toe. Hy het 'n slaaf en 'n span donkies by hom gehad. Hy het na haar pa se huis toe gegaan, en toe die meisie se pa hom sien, was die pa bly en hy het die Leviet tegemoet geloop.

⁴Sy skoonpa, die meisie se pa, het by hom daarop aangedring, en hy het drie dae daar oorgebly. Hulle het geëet en gedrink, en hy het daar oornag.

⁵Die vierde dag het hy vroeg klaargemaak om te vertrek, maar die meisie se pa het vir sy skoonseun gesê: “Eet eers 'n stukkies vir die pad en dan kan jy vertrek.”

⁶Hulle twee het toe gaan sit en saam geëet en gedrink. Die meisie se pa sê toe vir die man: “Moenie teëpraat nie. Bly nog dié nag oor en geniet dit hier.”

⁷Die man was op die punt om te vertrek, maar toe sy skoonpa daarop aandrings, het hy omgedraai en daar oornag.

⁸Die vyfde dag het hy vroegmôre klaargemaak om te vertrek, maar toe sê die meisie se pa: “Eet eers 'n stukkies vir die pad en wag tot agtermiddag.” Hulle het toe geëet.

⁹Toe die man en sy byvrou en sy slaaf op die punt staan om te vertrek, sê sy skoonpa, die meisie se pa, vir hom: “Kyk, man, die son is aan die sak, dis amper aand. Oornag hier. Die dag is verby. Slaap hier en geniet dit. Julle kan môre vroeg alles regkry vir die reis en dan kan jy huis toe gaan.”

¹⁰Maar die man wou nie die nag oorbly nie. Hy het klaargemaak en vertrek. Hy het regoor Jebus, dit is Jerusalem, gekom met sy span donkies en sy byvrou by hom.

¹¹Toe hulle by Jebus kom, was die dag verby, en sy slaaf sê vir hom: “Kom ons draai hier in by hierdie stad van die Jebusiete en dan vernag ons in die stad.”

¹²Maar hy sê vir sy slaaf: “Ons kan nie by 'n vreemde stad indraai waarin daar nie Israeliëte is nie. Kom ons druk deur tot by Gibeá.”

¹³Hy het verder vir sy slaaf gesê: “Kom ons probeer kom by een van óns plekke, dan oornag ons in Gibeá of in Rama.”

¹⁴Hulle het toe deurgedruk en toe hulle regoor Gibeá in Benjamin kom, gaan die son vir hulle onder.

¹⁵Hulle het daar ingedraai om in Gibeá te gaan oornag. Hulle het by die stadsplein gekom en daar gaan sit. Niemand het hulle genooi om in sy huis te oornag nie.

¹⁶Daardie aand het daar 'n ou man van sy werk in die veld af in die stad ingekom. Hy was afkomstig uit die Efraïmsberge en het as vreemdeling in Gibeá gewoon. Die mense van Gibeá was Benjaminiëte.

¹⁷Die ou man het die reisiger op die stadsplein raakgesien en vir hom gesê: “Waarheen is jy op pad? Waarvandaan kom jy? ”

¹⁸Toe sê hy vir die ou man: “Ons is op pad van Betlehem in Juda af na die uithoeke van die Efraïmsberge toe. Ek is van daar af, maar ek het na Betlehem in Juda gegaan, na die huis van die Here toe. Ek is op pad, maar niemand het my na sy huis toe genooi nie.

¹⁹Ek het genoeg voer vir die donkies, en kos en wyn vir my en die vrou en die slaaf. Ons kom niks kort nie.”

²⁰Toe sê die ou man vir hom: “Dis alles reg, maar wat jy sal gebruik, sal ek voorsien. Jy mag egter nie op die plein oornag nie.”

²¹Die ou man het hom toe in sy huis gevat en vir die donkies voer gegee. Die mense het hulle voete gewas, en toe het hulle geëet en gedrink.

²²Net toe hulle begin vrolik raak, omsingel 'n klomp straatboewe van die stad die huis en hulle slaan op die deur. Hulle sê toe vir die ou man aan wie die huis behoort: “Bring uit die man wat in jou huis gekom het. Ons wil geslagsgemeenskap met hom hê.”

²³Die man aan wie die huis behoort, is na hulle toe uit en hy sê vir hulle: “Nee, vriende, moenie hierdie man kwaad aandoen nadat hy in my huis ingekom het nie. Julle moet hom nie so 'n lae ding aandoen nie.

²⁴Hier is my dogter, sy is nog 'n maagd, en die man se byvrou. Ek sal hulle uitbring, verkrag hulle. Doen met hulle wat julle wil, maar moenie hierdie lae ding aan die man doen nie.”

²⁵Maar die mans wou nie na hom luister nie. Toe gryp die Leviet sy byvrou en stoot haar buitentoe na hulle toe. Hulle het met haar geslagsgemeenskap gehad en haar die hele nag deur tot die môre toe verrinnweer. Toe die rooidag breek, het hulle haar gelos.

²⁶Teen die môre se kant het sy by die huis gekom en voor die deur van die huis waarin haar man was, neergeval en bly lê tot sonop.

²⁷Toe haar man die môre opstaan en die huis se deur oopmaak om verder te reis, lê die vrou, sy byvrou, in die deur met haar hande op die drumpel.

²⁸Hy sê toe vir haar: “Staan op dat ons kan vertrek,” maar sy het nie geroer nie. Hy tel haar toe op 'n donkie en maak klaar en vertrek na sy plek toe.

²⁹Toe hy by die huis kom, vat hy 'n mes en die lyk van sy byvrou en sny haar op in twaalf stukke, lid vir lid, en stuur dit deur die hele gebied van Israel.

³⁰Elkeen wat dit gesien het, het gesê: “So iets het nog nooit gebeur vandat die Israeliete uit Egipte weggetrek het nie. Van toe af tot nou toe is so iets nog nie gesien nie. Ons moet dit ter harte neem. Ons moet 'n plan maak. Ons moet praat! ”

Rigters 20

¹Toe het al die Israeliete, dié van Dan tot dié van Berseba en dié uit die Gileadstreek, soos een man as gemeente in Mispa bymekaargekom in die teenwoordigheid van die Here.

²Die leiers van die hele volk, van al die stamme van Israel, was daar in die vergadering van die volk van God. Daar was vier honderd duisend voetsoldate wat met die swaard kon veg.

³Die Benjaminiete het verneem dat die ander Israeliete na Mispa toe opgetrek het. Die Israeliete het vir hulle gevra: “Sê ons tog! Hoe het hierdie lae ding plaasgevind? ”

⁴Toe antwoord die Leviet, die man van die vermoorde vrou: “Ek en my vrou het in Gibeon gekom wat aan Benjamin behoort, om daar te oornag.

⁵Toe wou die mans van Gibeon my kom aanrand, en hulle het my die heel nag omsingel in die huis waar ek was. Hulle wou my doodmaak, en hulle het my byvrou verrinneweer, sodat sy gesterf het.

⁶Toe het ek haar opgesny en rondgestuur deur die hele gebied wat aan Israel behoort, want die mense van Gibeon het 'n afskuwelike en lae ding in Israel gedoen.

⁷En nou is julle almal hier, Israeliete! Ons moet praat en net hier 'n plan maak!
”

⁸Die hele volk het eenparig verklaar: “Niemand mag na sy woonplek toe gaan nie, niemand mag teruggaan huis toe nie.

⁹Dit is wat ons met Gibeon sal doen: ons sal lootjies trek oor Gibeon,

¹⁰en uit elke honderd man uit die stamme van Israel sal ons tien man vat, uit elke duisend man honderd en uit elke tien duisend duisend om kos by die volk te gaan haal. Wanneer ons in Gibeá by Benjamin kom, sal ons hom straf ooreenkomstig die lae ding wat hy in Israel gedoen het.”

¹¹Al die Israeliete het saamgestem en hulle het by Gibeá bymekaargekom.

¹²Toe stuur die stamme van Israel die manne na al die families in Benjamin toe met die boodskap: “Wat vir 'n lae ding het hier by julle plaasgevind?

¹³Lewer nou die straatboewe van Gibeá uit sodat ons hulle kan doodmaak en dié soort verkeerde ding uit Israel kan uitroei.” Maar die mense van Benjamin wou nie na hulle volksgenote, die Israeliete, luister nie.

¹⁴Toe kom die mense van Benjamin uit al hulle stede bymekaar in Gibeá om oorlog te maak teen die Israeliete.

¹⁵Die Benjaminiete wat uit die stede gekom het, is daardie dag getel, en daar was ses en twintig duisend man wat kon veg, en dit behalwe dié van Gibeá. Hulle is ook getel, sewe honderd knap soldate.

¹⁶In daardie hele leër was daar sewe honderd knap soldate, almal links. Hulle kon keer op keer 'n haar raakgooi met 'n klip uit 'n slingervel.

¹⁷Die Israeliete is ook getel, en sonder Benjamin was daar vier honderd duisend man wat kon veg, elkeen reg vir die oorlog.

¹⁸Hulle het na Bet-El toe gegaan en God daar geraadpleeg. Die Israeliete het gevra: “Wie van ons moet eerste optrek om teen Benjamin te gaan veg? ” Die Here het geantwoord: “Juda moet eerste gaan.”

¹⁹Die volgende môre het al die Israeliete klaargemaak en regoor Gibeá kamp opgeslaan.

²⁰Die Israeliete het hulle manne teenoor Gibeá ontplooi om teen die Benjaminiete te veg,

²¹maar die Benjaminiete het uit Gibeá gestorm en op daardie dag twee en twintig duisend Israeliete om die lewe gebring.

²²⁻²³Nadat die Israeliete tot die aand toe in die teenwoordigheid van die Here gekla het, het hulle vir Hom gevra: “Moet ons weer teen ons broers die Benjaminiete gaan oorlog maak? ” Die Here het geantwoord: “Trek teen hulle op! ” Toe het die Israeliete moed geskep en weer hulle manne ontplooi om te veg waar hulle dit die vorige dag gedoen het.

²⁴Die tweede dag het die Israeliete weer die Benjaminiete aangeval,

²⁵maar hulle het weer uit Gibeon uit gestorm en agtien duisend man van Israel om die lewe gebring, almal goeie soldate.

²⁶Al die Israeliete en die hele leer is toe na Bet-El toe en daar het hulle in die teenwoordigheid van die Here gaan sit en huil, en daardie dag het hulle tot die aand toe niks geëet nie. Hulle het brandoffers en maaltydoffers aan die Here geoffer.

²⁷Hulle het die Here geraadpleeg; die verbondsark van die Here was destyds by hulle.

²⁸Pinehas, seun van Eleasar seun van Aäron, wat destyds as priester gedien het voor die Here, het gevra: “Moet ons weer gaan oorlog maak teen ons broers die Benjaminiete of moet ons ophou? ” Toe antwoord die Here: “Trek op! Mōre gee Ek hulle in julle mag.”

²⁹Van die Israeliete het toe rondom Gibeon in hinderlae gaan lê.

³⁰Op die derde dag het die ander Israeliete teen Benjamin opgeruk en die manskappe regoor Gibeon ontplooi soos die vorige kere.

³¹Die Benjaminiete het die soldate tegemoet gestorm, maar die Benjaminiete is van hulle stad af weggelok. Soos die vorige kere het hulle die Israeliete verslaan en begin doodmaak op die grootpaaie na Bet-El en Gibeon toe. Hulle het sowat dertig Israeliete om die lewe gebring.

³²Die Benjaminiete het gedink: soos voorheen is hulle weer deur ons verslaan. Maar die Israeliete het afgespreek: “Ons sal vlug en hulle uit die stad uit na die grootpaaie toe lok.

³³Wanneer die grootste deel van Israel uit sy plek padgee en by Baäl-Tamar ontplooi, moet die Israeliete wat in die hinderlae lê, uit hulle plekke wes van Gibeā opspring.”

³⁴Tien duisend dapper soldate uit die leer van die Israeliete het tot regoor Gibeā gegaan, en daar is roekeloos geveg. Die Benjaminiete het nog nie besef dat 'n ramp op hulle afkom nie.

³⁵Maar die Here het hulle verslaan vir die Israeliete, en die Israeliete het op dié dag vyf en twintig duisend een honderd man van Benjamin, almal dapper soldate, om die lewe gebring.

³⁶Toe het die Benjaminiete besef dat hulle verslaan is en dat die Israeliete net vir hulle teruggeval het omdat die Israeliete staatgemaak het op die hinderlae wat hulle teen Gibeā opgestel het.

³⁷Die manne van die hinderlae het toe gou in Gibeā versprei en die stad oorweldig en die inwoners om die lewe gebring.

³⁸Daar was 'n afspraak tussen die Israeliete en hulle hinderlaag om 'n groot rookwolk in die stad op te stuur.

³⁹Toe die Israeliete omdraai om te veg, het die Benjaminiete begin om hulle dood te maak. Sowat dertig man is om die lewe gebring, en die Benjaminiete het gedink: ja-nee, hulle is weer deur ons in die geveg verslaan soos die vorige keer.

⁴⁰Toe die rookwolk uit die stad begin opstyg, het die Benjaminiete omgedraai, maar die stad het klaar in vlamme gestaan.

⁴¹Toe die Israeliete omgedraai het om te veg, het die Benjaminiete baie bang geword, want hulle het besef dat 'n groot ramp hulle getref het.

⁴²Hulle het met die woestynpad voor die Israeliete weggevlug, maar hulle kon die geveg nie vryspring nie, want dié wat die stad in puin gelê het, het hulle verslaan.

⁴³Die Benjamine is omsingel en sonder genade agtervolg. Hulle is regoor Gibeá, aan die oostekant, platgeloopt.

⁴⁴Van Benjamin het daar in die geveg agtien duisend man geval, almal dapper soldate.

⁴⁵Die ander het weggekom na die woestyn toe, na die Rimmonrots toe. Op die grootpaaie het die Israeliete nog vyf duisend man doodgemaak. Hulle het die Benjamine nog agtervolg tot by Gidom en twee duisend man om die lewe gebring.

⁴⁶Uit Benjamin het dié dag vyf en twintig duisend man geval, manne wat kon veg, almal dapper soldate.

⁴⁷Ses honderd man het tot by die Rimmonrots gevlug. Hulle het vier maande lank daar gebly.

⁴⁸Die manskappe van Israel is terug na die gebied van Benjamin toe. Daar het hulle van stad tot stad gegaan en alles, mens en dier, om die lewe gebring. In al die stede het hulle alles wat hulle aangetref het, verbrand.

Rigters 21

Vrouens vir die Benjamine

¹By Mispa het die Israeliete 'n eed afgelê: “Nie een van ons sal sy dogter met 'n Benjamineet laat trou nie.”

²Die volk het by Bet-El gekom. Daar het hulle tot die aand toe in die teenwoordigheid van God gesit. Hulle het lank daar gesit en hard gehuil.

³Toe vra hulle: “Waarom het dit in Israel gebeur, Here God van Israel, dat een van die stamme van Israel vandag makeer? ”

⁴Die volgende môre het die volk vroeg opgestaan en net daar 'n altaar gebou en brandoffers en maaltydoffers geoffer.

⁵Toe sê die Israeliete: “Wie van al die stamme van Israel het nie hier na die gemeente, na die Here toe, opgekom nie? ” Daar is vroeër 'n eed afgelê dat elkeen wat nie na die Here toe kom in Mispa nie, doodgemaak sal word.

⁶Die Israeliete was jammer oor hulle broers uit Benjamin en het gesê: “Vandag is een stam van Israel afgekap.

⁷Wat kan ons doen om vrouens te kry vir dié uit Benjamin wat oorgebly het? Ons het 'n eed voor die Here afgelê dat ons nie ons dogters met hulle sal laat trou nie.”

⁸Toe vra hulle: “Is daar nog 'n deel van die stamme van Israel wat nie na die Here toe gekom het in Mispa nie? ” Dit het toe geblyk dat niemand uit Jabes in Gilead na die vergadering toe gekom het nie.

⁹Die volk is getel en daar was nie een mens uit Jabes in Gilead nie.

¹⁰Toe stuur die gemeente twaalf duisend dapper soldate met die opdrag: “Gaan bring die inwoners van Jabes in Gilead om die lewe, ook die vrouens en die kinders.

¹¹Dit is wat julle moet doen: julle moet elke man en ook elke vrou wat al geslagsgemeenskap gehad het, doodmaak.”

¹²Onder die inwoners van Jabes in Gilead is daar vier honderd meisies gevind wat nog maagde was en nie geslagsgemeenskap gehad en by 'n man geslaap het nie. Die soldate het hulle na die kamp toe in Silo in Kanaän gebring.

¹³Toe stuur die hele gemeente 'n boodskap na die Benjaminiete toe by die Rimmonrots om met hulle vrede te maak.

¹⁴Die Benjaminiete het dadelik teruggekom, en die vrouens uit Jabes in Gilead wat bly lewe het, is vir hulle gegee, maar daar was nie genoeg nie.

¹⁵Die volk het vir Benjamin jammer gekry, want die Here het 'n stuk uit die stamme van Israel uitgeskeur.

¹⁶Toe vra die leiers van die gemeente: “Wat kan ons doen om vrouens te kry vir die ander Benjaminiete? Die vrouens uit Benjamin is almal om die lewe gebring.”

¹⁷Hulle het verder gesê: “Daar moet erfgename kom vir dié uit Benjamin wat oorgebly het. Daar mag nie 'n stam uit Israel verdwyn nie.

¹⁸Self mag ons hulle nie met ons dogters laat trou nie, want Israel het 'n eed afgelê en gesê: Vervloek is elkeen wat 'n vrou vir 'n Benjaminiet gee.”

¹⁹Maar toe sê hulle: “Kyk, daar is elke jaar 'n fees in Silo tot eer van die Here.” Silo lê noord van Bet-El en oos van die grootpad van Bet-El af Sigem toe en suid van Lebona.

²⁰Die leiers het vir die Benjaminiete gesê: “Gaan kruip weg in die wingerde

²¹en kyk mooi: wanneer die meisies van Silo uitkom om te dans, moet julle uit die wingerde opspring en elkeen moet vir hom 'n vrou gryp onder die meisies van Silo. Dan moet julle na die gebied van Benjamin toe gaan.

²²Wanneer die meisies se pa's of broers 'n klag by ons kom indien, sal ons vir hulle sê: Kyk, ons het nie genoeg vrouens vir hulle in die oorlog gevat nie, en julle is onskuldig, want julle het nie die dogters vir hulle gegee nie.”

²³Die Benjaminiete het dit toe gedoen. Terwyl die meisies gedans het, het hulle vir hulle die regte getal vrouens kom steel. Die Benjaminiete is toe daar weg, terug na hulle grondgebied toe. Hulle het hulle stede herbou en daarin gewoon.

²⁴Die Israeliete is toe ook daar weg, elkeen na sy stam en sy familie, elkeen na sy grondgebied toe.

²⁵In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë.

Rut

Rut 1

Uit Betlehem na Moab toe en terug

¹In die tyd van die leiers was daar op 'n keer hongersnood in die land, en 'n man met sy vrou en sy twee seuns het uit Betlehem in Juda weggetrek om 'n heenkome te soek in die gebied van Moab.

²Die man was Elimelek, sy vrou Naomi, en sy twee seuns Maglon en Kiljon. Hulle was afkomstig uit Efrata in Betlehem in Juda. Hulle het in Moab aangekom en hulle daar gevestig.

³Toe Naomi se man, Elimelek, sterf, het sy en haar twee seuns alleen agtergebly.

⁴Die twee seuns het later getrou met die Moabitiese meisies Orpa en Rut. Naomi en haar seuns het omtrent tien jaar in Moab gebly.

⁵Toe haar twee seuns Maglon en Kiljon ook sterf, het sy alleen agtergebly sonder haar seuns en sonder haar man.

⁶Toe sy verneem dat die Here vir sy volk uitkoms gebring het deur vir hulle 'n goeie oes te gee, het sy en haar skoondogters klaargemaak om van Moab af terug te gaan.

⁷Sy en haar skoondogters het saam vertrek uit die plek waar hulle gebly het, op pad na Juda toe.

⁸Toe sê Naomi vir haar twee skoondogters: “Julle moet liever teruggaan na julle ouerhuise toe. Mag die Here sy liefde aan julle bewys, soos julle aan die oorledenes en aan my liefde bewys het.

⁹Mag die Here vir julle elkeen weer 'n goeie man en 'n heenkome gee.” Toe sy van hulle wou afskeid neem, het hulle begin huil

¹⁰en vir haar gesê: “Nee, ons wil met Ma saamgaan na Ma se volk toe.”

¹¹Maar Naomi het weer vir hulle gesê: “Gaan terug, my dogters. Waarom sou julle saam met my wou kom? Het ek nog enige hoop om seuns in die wêreld te bring, sodat julle met hulle sou kon trou?”

¹²Gaan asseblief maar terug, my dogters, ek is te oud om weer te trou; selfs al sou ek sê daar is nog hoop vir my, al sou ek vannag by 'n man slaap, al sou ek nog seuns in die wêreld bring,

¹³sou julle kon wag tot hulle groot is? Sou julle julle ondertussen daarvan kon weerhou om te trou? Dit is onmoontlik, my dogters. Nee, my lot is swaarder as julle s'n: die Here het teen my gedraai.”

¹⁴Toe het Naomi se skoondogters weer begin huil, en Orpa het van haar afskeid geneem, maar Rut het by haar gebly.

¹⁵Toe sê Naomi: “Kyk, jou skoonsuster het teruggegaan na haar volk en na haar gode toe. Gaan jy nou ook saam met haar terug.”

¹⁶Maar Rut het geantwoord: “Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God;

¹⁷waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.”

¹⁸Naomi het besef dat Rut vasbeslote was om saam met haar te gaan en sy het opgehou om haar te probeer ompraat.

¹⁹Hulle twee is toe saam na Betlehem toe. Met hulle aankoms in Betlehem was daar groot opgewondenheid in die stad, en die vrouens het gesê: “Maar dis mos Naomi! ”

²⁰Hierop het Naomi vir hulle gesê: “Moet my asseblief nie meer Naomi noem nie, noem my Mara, want die Almagtige het die lewe vir my baie bitter gemaak.

²¹My lewe was vol toe ek hier weg is, maar die Here het my leeg laat terugkom. Waarom noem julle my nog Naomi? Die Here het dan teen my gedraai, die Almagtige het 'n ramp oor my gebring.”

²²So het Naomi uit Moab teruggekom en Rut, haar Moabitiese skoondogter, was by haar. Hulle het in Betlehem aangekom aan die begin van die garsoes.

Rut 2

Die ontmoeting tussen Boas en Rut

¹Naomi het 'n vermoënde familielid gehad van haar man Elimelek se kant af. Sy naam was Boas.

²Rut, die Moabitiese vrou, vra toe vir Naomi: “Mag ek lande toe gaan om are op te tel by iemand wat my toelaat om dit te doen? ” Naomi antwoord haar: “Gaan gerus maar, my dogter.”

³Sy het toe geloop om in die land te gaan are optel agter die graansnyers aan. Sy het uitgekom by dié deel van die land wat behoort het aan Boas, die familielid van Elimelek.

⁴Boas het toe juis self uit Betlehem daar aangekom en hy het vir die snyers gesê: “Mag die Here by julle wees,” en hulle het hom geantwoord: “Mag die Here u seën.”

⁵Boas vra toe vir sy voorman: “Wie is daardie meisie? ”

⁶en hy antwoord: “Sy is 'n Moabitiese meisie wat saam met Naomi van Moab af gekom het.

⁷Sy het gevra of sy are agter die snyers mag optel. Sy het toe gekom en is nog al die tyd besig van vanmôre af tot nou toe. Sy rus nou net 'n bietjie.”

⁸Boas sê toe vir Rut: “Luister, my dogter, moenie op 'n ander land gaan are optel nie; moet ook nie hier weggaan nie. Bly hier by die meisies.

⁹Bly op die land waar hulle oes, en volg hulle. Ek het die mans aangesê om jou nie lastig te val nie. En wanneer jy dors is, gaan na die waterkruike toe en drink van die water wat die werksmense vir hulle geskep het.”

¹⁰Rut het diep gebuig voor Boas en gevra: “Waarom is u so goed vir my en stel u belang in my, in 'n buiteland? ”

¹¹Boas antwoord haar toe: “Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het na die dood van haar man en dat jy jou ouers en jou geboorteland verlaat het en na 'n volk toe gekom het waarvan jy vantevore niks geweet het nie.

¹²Mag die Here jou beloon vir wat jy gedoen het. Mag jy 'n welverdiende beloning ontvang van die Here die God van Israel onder wie se vleuels jy kom skuil het.”

¹³Sy het geantwoord: “Meneer, u bewys my 'n guns, u laat my goed voel, u is vriendelik met my, al is ek nie eers een van u slavinne nie.”

¹⁴Toe dit etenstyd was, sê Boas vir haar: “Kom hierheen en eet 'n stukkie brood en doop dit in die wynsous.” Sy het toe by die snyers gaan sit, en Boas het vir haar gebraaide koring gegee. Nadat sy genoeg geëet het en selfs oorgehou het,

¹⁵het sy opgestaan om weer te gaan are optel. Boas het sy werkers toe beveel: “Sy mag selfs tussen die gerwe are optel en julle mag haar nie pla nie;

¹⁶julle moet ook van die are uit die gerwe haal en dit op die grond laat val. Sy mag dit optel sonder dat julle haar daarvoor aanspreek.”

¹⁷Rut het tot die aand toe are opgetel in die land. En toe sy uitslaan wat sy opgetel het, was dit ongeveer dertien kilogram.

¹⁸Sy het dit gevat en saamgeneem stad toe. Haar skoonma het gesien hoeveel sy bymekaargemaak het. Rut het ook van die kos wat sy oorgehou het, vir haar skoonma gegee.

¹⁹Haar skoonma vra haar toe: “Waar het jy vandag are opgetel en wat het jy alles gedoen? Mag dié een wat in jou belang gestel het, deur die Here geseën word.” Sy het toe vir haar skoonma vertel wat sy gedoen het en dat die man by wie sy die dag gewerk het, se naam Boas is.

²⁰Naomi sê toe vir haar skoondogter: “Mag hy geseën word deur die Here wat nie nalaat om sy trou aan lewendes en dooies te bewys nie. En,” het Naomi bygevoeg, “hierdie man is familie van ons. Hy is een van ons lossers.”

²¹Rut, die Moabitiese vrou, sê toe: “Hy het ook nog vir my gesê ek moet by sy werksters bly totdat hulle klaar geoes het.”

²²Hierop sê Naomi vir haar: “Dit is goed vir jou, my dogter, dat jy saam met sy werksters uitgaan. Op 'n ander land sal jy dalk gemolesteer word.”

²³Rut het toe saam met die werksters van Boas are opgetel totdat die gars- en koringoes ingesamel was. Sy het nog by haar skoonma gewoon.

Rut 3

Rut en Boas by die dorsvloer

¹Rut se skoonma Naomi het vir haar gesê: “My dogter, dit is my verantwoordelikheid om vir jou 'n heenkome te soek sodat dit met jou goed kan gaan.

²Kyk, Boas saam met wie se werksters jy gewerk het, is mos familie van ons. Hy dors vannag gars op die dorsvloer.

³Was jou, maak jou mooi en trek jou netjies aan en gaan na die dorsvloer toe. Moenie dat hy jou gewaar voordat hy klaar geëet en gedrink het nie.

⁴Wanneer hy gaan slaap, sorg dat jy weet waar hy gaan lê. Dan gaan jy soontoe en kruip by sy voete in. Hy sal jou dan sê wat jy moet doen.”

⁵Toe antwoord Rut: “Ek sal doen wat u gesê het.”

⁶Sy het na die dorsvloer toe gegaan en alles gedoen wat haar skoonma vir haar gesê het.

⁷Nadat Boas geëet en gedrink het, was hy baie vrolik en het hy langs die mied gaan lê. Rut het toe stilletjies gekom, sy voete oopgemaak en by sy voete ingekruip.

⁸Toe hy in die middel van die nag wakker skrik en omdraai, was hy baie verbaas toe hy 'n vrou by sy voete gewaar.

⁹Hy vra toe vir haar: “Wie is jy? ” en sy antwoord: “Ek is Rut, ek is van u afhanklik, en u is my lossen; neem my nou onder u beskerming.”

¹⁰Hy sê toe: “Mag die Here jou seën, my dogter! Wat jy nou doen, naamlik dat jy agter geen jongman, arm of ryk, aanloop nie, is baie beter as die liefde wat jy aan die begin aan jou skoonma bewys het.

¹¹Moet nou nie verder bekommerd wees nie, my dogter. Alles wat jy my vra, sal ek doen, want al die mense weet dat jy 'n goeie vrou is.

¹²Dit is waar dat ek jou lossers is, maar nou is dit ook so dat daar 'n ander lossers is wat nader familie is as ek.

¹³Slaap vannag hier. As hy dan môreoggend bereid is om as jou lossers op te tree, goed, maar as hy nie wil nie, sal ek so seker as die Here leef, as lossers optree. Bly hier tot môreoggend.”

¹⁴Sy het toe by sy voete bly lê tot die oggend, maar voordat dit lig genoeg was om iemand te herken, het sy opgestaan, “want,” het Boas gesê, “dit moenie bekend word dat 'n vrou na die dorsvloer toe gekom het nie.”

¹⁵Hy het ook gesê: “Bring die tjalie wat jy om het en hou dit oop.” Sy het dit oopgehou, en hy het ses en twintig kilogram gars vir haar daarin afgemeet en dit op haar rug getel. Hy is toe stad toe,

¹⁶en sy het na haar skoonma toe gegaan. Sy vra toe vir Rut: “Hoe het dit toe gegaan, my dogter? ” Sy het haar vertel wat Boas alles vir haar gedoen het en

¹⁷gesê: “Hy het vir my hierdie ses en twintig kilogram gars gegee, want hy het gesê ek mag nie met leë hande by my skoonma aankom nie.”

¹⁸Naomi sê toe: “Wag maar en kyk wat nou gaan gebeur, my dogter. Die man sal beslis nie vandag rus voordat die saak afgehandel is nie.”

Rut 4

Die lossingsprosedure. Huwelik. Die geboorte van Obed

¹Ondertussen het Boas na die stadspoort toe gegaan en daar gaan sit. Juis toe kom die lossers van wie Boas gepraat het, daar verby. Boas roep toe: “Kom sit hier, my vriend.” Nadat hy kom sit het, het Boas

²ook tien leiers van die stad gevra om daar te kom sit, en hulle het dit gedoen.

³Boas sê toe vir die lossers: “Naomi, die vrou wat uit Moab teruggekom het, bied die stuk grond wat aan ons familielid Elimelek behoort het, te koop aan.

⁴Ek het gedink ek behoort dit vir jou te sê. Koop dit nou in die teenwoordigheid van almal wat hier sit en voor die leiers van die volk; indien jy bereid is om as lossers op te tree, doen dit dan, maar indien nie, sê dit vir my dat ek dit weet, want ek is ná jou die volgende een wat die lossersreg moet uitoefen.” Hy antwoord toe: “Ek is bereid om as lossers op te tree.”

⁵Daarop sê Boas: “Wanneer jy die stuk grond van Naomi koop, kry jy terselfdertyd vir Rut die Moabitiese weduwee sodat die grond in die oorledene se familie bly.”

⁶Die lossers sê toe: “In daardie geval sal ek my reg om as lossers op te tree, laat vaar, want anders sou dit beteken dat my eie eiendom in gevaar kom. Tree jy nou maar as lossers op, want ek sien nie meer daarvoor kans nie.”

⁷In Israel was dit gebruikelik by die lossingsprosedure of by die ruil van enige eiendom dat die een party 'n skoen uittrek en aan die ander party gee. Dit was die manier waarop die bekragtiging van 'n transaksie in Israel plaasgevind het.

⁸Die lossers sê toe vir Boas: “Jy kan dit maar koop,” en die lossers het sy skoen uitgetrek.

⁹Hierop sê Boas vir die leiers en almal teenwoordig: “Julle is vandag getuies dat ek alles wat aan Elimelek en Kiljon en Maglon behoort het, van Naomi gekoop het en dat

¹⁰ek ook die Moabitiese vrou Rut, die weduwee van Maglon, vir my as vrou gekry het. So sal die grond in die oorledene se familie bly en sy nagedagtenis nie vergeet word in die volkslewe nie. Ja, julle is vandag getuies.”

¹¹Die leiers en almal wat in die stadspoort bymekaar was, het toe bevestig: “Ons is getuies. Mag die Here die vrou wat nou in jou huis inkom, soos Ragel en Lea maak wat saam gebou het aan die volk Israel. Verwerf aansien in Efrata en maak naam vir jouself in Betlehem.

¹²Mag die nageslag wat die Here jou uit hierdie jong vrou sal gee, wees soos dié van Peres wat deur Tamar vir Juda in die wêreld gebring is.”

¹³Boas het toe met Rut getrou en hy het gemeenskap met haar gehad. Die Here het haar swanger laat word, en Rut het 'n seuntjie in die wêreld gebring.

¹⁴Die vrouens sê toe vir Naomi: “Aan die Here kom die lof toe omdat Hy vandag vir jou 'n lossen gegee het. Mag die lossen se naam bekend wees in Israel,

¹⁵en mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg. Jou skoondogter wat jou liefhet en wat vir jou meer werd is as sewe seuns, het hom in die wêreld gebring.”

¹⁶Naomi het toe die seuntjie op haar skoot gevat en as haar eie aangeneem.

¹⁷Haar buurvroue het die seuntjie toe 'n naam gegee. Hulle het hom Obed genoem en gesê: “'n Seun is vir Naomi gebore.” Obed was die voorvader van Dawid.

Die geslagsregister van Peres tot by Dawid

¹⁸Hier is nou die geslagsregister van Peres: Peres was die vader van Gesron,

¹⁹Gesron van Ram, Ram van Amminadab,

²⁰Amminadab van Nagson, Nagson van Salmon,

²¹Salmon van Boas, Boas van Obed,

²²Obed van Isai, en Isai was die vader van Dawid.

1 Samuel

1 Samuel 1

Elkana en sy vrouens

¹Daar was 'n man uit Ramatajim, 'n Suffiet uit die Efraimsberge. Hy was Elkana seun van Jerogam, seun van Elihu, seun van Togu, seun van Suf uit Efrata.

²Hy het twee vrouens gehad. Die een se naam was Hanna en die ander s'n Peninna. Peninna het kinders gehad, maar Hanna nie.

³Elkana het elke jaar uit sy stad uit na Silo toe gegaan om te aanbid en aan die Here die Almagtige offers te bring. Eli se twee seuns, Hofni en Pinehas, was in Silo priesters van die Here.

⁴Elkana het gewoonlik op die dag wanneer hy geoffer het, dele van die offermaaltyd aan sy vrou Peninna en al haar seuns en dogters gegee.

⁵Alhoewel hy vir Hanna liefgehad het, kon hy vir haar elke keer net een deel gee, want die Here het haar kinderloos laat bly.

⁶Dan het die ander vrou haar baie gespot en verneder omdat die Here haar kinderloos laat bly het.

⁷So het dit jaar vir jaar gegaan: elke keer as Hanna in die huis van die Here gaan offer het, het Peninna haar gespot, sodat sy gehuil het en nie wou eet nie.

⁸Dan sê haar man Elkana vir haar: “Hanna, waarom huil jy? Waarom eet jy nie en waarom is jy hartseer? Is ek nie vir jou meer werd as tien seuns nie?”

Hanna lê 'n gelofte af

⁹Op 'n keer ná die offermaaltyd in Silo het Hanna opgestaan terwyl die priester Eli op sy stoel langs die deurkosyn van die tempel van die Here gesit het.

¹⁰Sy was bitter hartseer en terwyl sy tot die Here gebid het, het sy onbedaarlik gehuil.

¹¹Sy het 'n gelofte afgelê en gesê: “Here, Almagtige, as U tog op my ellende wou let en aan my, u dienaars, wou dink en my nie vergeet nie en aan my 'n

seun gee, sal ek hom sy lewe lank aan U gee, en as teken daarvan sal sy hare nie afgesny word nie.”

¹²Sy het lank tot die Here gebid, en Eli het stip na haar mond bly kyk.

¹³Hanna het in haar gedagte gepraat, net haar lippe het geroer. Eli kon nie haar stem hoor nie, en daarom het hy gedink sy is dronk.

¹⁴Hy sê toe vir haar: “Hoe lank wil jy dronk bly? Loop word eers nugter! ”

¹⁵Maar Hanna het geantwoord: “Nee, Meneer, ek is maar net 'n vrou wat diep terneergedruk is. Ek het nie wyn of bier gedrink nie. Ek het my hart uitgestort voor die Here.

¹⁶Moet tog nie dink ek is 'n slegte vrou nie. Dis oor my groot smart en leed dat ek so lank bly praat het.”

¹⁷Toe sê Eli: “Wees gerus en gaan nou maar. Die God van Israel sal aan jou gee wat jy van Hom afgesmeek het.”

¹⁸En sy het gesê: “Mag dit vir my wees soos u sê.” Sy het toe geloop en gaan eet, en sy was nie meer bedruk nie.

¹⁹Die volgende môre het Elkana-hulle vroeg opgestaan, die Here aanbid en teruggegaan huis toe.

Die geboorte van Samuel

Nadat hulle tuis gekom het in Rama, het Elkana gemeenskap gehad met sy vrou Hanna, en die Here het aan haar gedink.

²⁰By die wisseling van die jaar was Hanna swanger. Sy het 'n seun in die wêreld gebring en uitgeroep: “Sy naam is Samuel: van die Here het ek hom afgesmeek!”

²¹Toe Elkana en sy hele gesin gaan om die jaarlikse offer aan die Here te bring en sy gelofte te betaal,

²²het Hanna nie saamgegaan nie, want sy het vir haar man gesê: “Wanneer die seun gespeen is, sal ek hom wegbring dat hy voor die Here verskyn en altyd daar bly.”

²³Haar man Elkana het vir haar gesê: “Maak soos jy dit goedvind. Bly totdat jy hom gespeen het. Mag die Here sy woord bevestig!” Hanna het toe gebly en haar kind gevoed totdat sy hom gespeen het.

Samuel word na die tempel toe geneem

²⁴Toe sy hom gespeen het, het sy hom saamgeneem, en ook 'n driejaaroud bul, sestien kilogram meel en 'n kruik wyn. Sy het hom as klein seuntjie weggebring na die huis van die Here toe in Silo.

²⁵Elkana-hulle het die bul geslag en die seun na Eli toe gebring,

²⁶en Hanna het gesê: “Ekskuus, Meneer, u sal my nie glo nie, maar, Meneer, ék is die vrou wat hier by u gestaan het om tot die Here te bid.

²⁷Om hierdie seun het ek gebid, en die Here het aan my gegee wat ek van Hom afgesmeek het.

²⁸Ja, van die Here het ek hierdie kind afgesmeek, en nou sal hy sy lewe lank iemand wees wat van die Here afgesmeek is.” Toe het hulle die Here daar aanbid.

1 Samuel 2

¹En Hanna het gebid: “Ek jubel in die Here, ek is sterk in die Here. Ek lag my vyande uit, ek is bly oor die uitkoms wat U gegee het.

²Daar is geen heilige soos die Here nie, buiten U is daar nie een nie, daar is geen rots soos ons God nie.

³“Julle moenie in hoogmoed bly praat nie, moenie aanmatigende dinge sê nie, want die Here is 'n God van diepe kennis, dae word deur Hom getoets.

⁴“Die boog van die magtiges is verbreek, dié wat gestruik het, het nuwe krag gekry.

⁵Wie versadig was, moet hulle nou vir brood verhuur, wie honger was, het oorgenoeg om te eet. Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg.

⁶“Die Here maak dood en Hy maak lewend, Hy laat afdaal na die doderyk toe en Hy laat daaruit opkom.

⁷Die Here maak arm en Hy maak ryk, Hy verneder, ook gee Hy aansien.

⁸Hy laat die geringes uit die stof opstaan, Hy hef die armes op van die ashoop af om hulle by vername mense te laat sit; Hy skenk hulle 'n ereplek. Aan die Here behoort die pilare van die aarde; Hy het die aarde daarop gegrondves.

⁹“Hy beskerm sy troue dienaars op hulle pad, maar die goddeloses word stil gemaak in die duisternis van die graf. ‘n Mens oorwin nie deur eie krag nie!

¹⁰Dié wat teen die Here in opstand kom, word vernietig, van bo uit die hemel verbrysel Hy hulle. Die Here spreek reg tot by die eindes van die aarde, Hy verleen krag aan sy koning, Hy gee sterkte aan sy gesalfde.”

¹¹Daarna het Elkana na sy huis toe gegaan in Rama, terwyl die seun Samuel die Here bly dien het onder toesig van die priester Eli.

¹²Maar Eli se seuns was slegte mense; hulle het nie met die Here rekening gehou nie.

Die priesters se reg by die offer

¹³Die reg van die priesters teenoor die volk was so: elke keer wanneer iemand 'n offer bring, kom die priester se slaaf met 'n drietandvurk in sy hand, en wanneer die vleis kook,

¹⁴steek hy die vurk in die kastrol of die bak of die pot of die pan. Alles wat die vurk optrek, vat die priester vir hom. Dit het hulle gedoen met al die Israeliete wat in Silo kom offer het.

Die sonde van Eli se seuns

¹⁵Maar nog voordat die vet aan die brand gestee is, het 'n slaaf van die priester al gekom en aan die man wat offer, gesê: “Gee vleis om vir die priester te braai. Hy neem nie gekookte vleis van jou aan nie, net rou vleis.”

¹⁶As die man dan vir hom sê: “Laat hulle tog net eers die vet aan die brand steek, dan kan jy vir jou vat wat jy wil,” sê die slaaf vir hom: “Nee, jy moet dit nou gee, anders vat ek dit met geweld.”

¹⁷Hierdie sonde van Eli se seuns was baie groot in die oë van die Here, want daardeur het die mense hulle agting vir die offer van die Here verloor.

Hanna se ander kinders

¹⁸Maar Samuel het die Here gedien. As 'n seun het Samuel al 'n linneskouerkleed gedra.

¹⁹Sy ma het elke jaar vir hom 'n manteltjie gemaak en dit vir hom gebring wanneer sy saam met haar man gegaan het om die jaarlikse offer te bring.

²⁰Dan het Eli vir Elkana en sy vrou geseën en gesê: “Mag die Here jou uit hierdie vrou 'n nageslag gee in die plek van die seun wat van die Here afgesmeek is.” Daarna is hulle weer huis toe.

²¹Die Here het Hom oor Hanna ontferm, en sy het swanger geword en nog drie seuns en twee dogters gehad. Ondertussen het die seun Samuel voor die Here grootgeword.

Die goddeloosheid van Eli se seuns

²²Eli was al baie oud. En wanneer hy alles hoor wat sy seuns aan al die Israëliete doen en dat hulle by die vrouens slaap wat diens doen by die ingang van die tent van ontmoeting,

²³sê hy vir hulle: “Waarom doen julle sulke dinge dat ek aanhoudend by die hele volk moet hoor van julle slegte dade?

²⁴Ag nee, my seuns, die gerugte wat ek verneem, is nie goed nie. Julle verlei die volk van die Here.

²⁵Wanneer een mens teen 'n ander mens verkeerd optree, sal die regters die saak uitmaak, maar as 'n mens teen die Here sondig, wie sal dan die saak uitmaak? ” Hulle het egter nie na hulle pa se vermaning geluister nie, want die Here het besluit om hulle dood te maak.

²⁶Maar die seun Samuel het grootgeword en die Here en die mense was hom goedgesind.

Die oordeel oor Eli se geslag

²⁷'n Man van God het by Eli gekom en vir hom gesê: “So sê die Here: Ek het My duidelik geopenbaar aan die huis van jou stamvader toe die volk in Egipte aan die farao's onderdanig was.

²⁸Ek het jou stamvader vir My uit al die Israelitiese stamme as priester uitgekies om my altaar te bedien, om wierook aan die brand te steek en om 'n skouerkleed voor My te dra. Ek het jou familie al die vuuroffers van die Israeliete gegee.

²⁹Waarom verag julle my diereoffer en my graanoffer waarvoor Ek voorskrifte in my woonplek gegee het? En waarom ag jy jou seuns belangriker as vir My, deurdat julle julle vet maak met die beste uit al die offers van my volk Israel?

³⁰“Daarom lewer die Here die God van Israel uitspraak: Ek het nadruklik gesê: Jou huis en jou nageslag sal My altyd in die tempel dien. “Maar nou sê Ek, die Here: Dit sal nie gebeur nie, want die een wat My eer, sal Ek eer, en die een wat My minag, sal Ek minag.

³¹Daar kom 'n tyd dat Ek die priesterskap van jou en jou familie af sal wegvat, en in jou familie sal niemand oud word nie.

³²Jy sal in nood na my woonplek staan en kyk tussen al die weldade wat Ek aan Israel sal bewys. In jou familie sal niemand ooit oud word nie.

³³Net een sal Ek nie van my altaar afsny nie. Maar wanneer Ek jou oë laat dof word en jou gees stil maak, sal die meerderheid van jou huis in die fleur van hulle lewe sterf.

³⁴En wat met jou twee seuns Hofni en Pinehas sal gebeur, sal vir jou die teken wees: op dieselfde dag sal hulle albei sterf.

³⁵Dan sal Ek vir my 'n betroubare priester aanstel. Volgens my wil en wens sal hy handel, en Ek sal vir hom 'n bestendige nageslag gee. Hy sal altyd diens doen as my gesalfde priester.

³⁶Maar elkeen wat uit jou familie oorbly, sal voor my priester kom buig vir 'n geldstukkies of 'n snytjie brood en sê: Neem my tog op in een van die priesterordes dat ek 'n stukkies brood kan hê om te eet! ”

1 Samuel 3

Die eerste openbaring aan Samuel

- ¹Die seun Samuel het die Here gedien onder toesig van Eli. Die woord van die Here is in daardie tyd min gehoor, daar was nie dikwels openbarings nie.
- ²Eli se oë het al swak begin word, hy kon nie meer goed sien nie. Vroeg een môre het Eli nog op sy slaapplek gelê,
- ³en die lamp van God het nog helder gebrand. Samuel het ook nog gelê in die tempel van die Here waar die ark van God was,
- ⁴en toe roep die Here na Samuel. Samuel het geantwoord: “Ek kom! ”
- ⁵Hy het na Eli toe gehardloop en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Maar Eli sê: “Ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer.” En Samuel het gaan lê.
- ⁶Die Here het weer na Samuel geroep, en hy het opgestaan, na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Toe sê Eli: “My seun, ek het nie geroep nie! Gaan lê maar weer.”
- ⁷Maar Samuel het nog nie die Here geken nie, want die woord van die Here was nog nie voorheen aan hom geopenbaar nie.
- ⁸Die Here het Samuel toe 'n derde keer geroep, en hy het opgestaan en na Eli toe gegaan en gesê: “Hier is ek, want u het my geroep.” Toe besef Eli dat die Here die seun geroep het,
- ⁹en Eli sê vir Samuel: “Gaan lê en as iemand jou weer roep, sê jy: Praat, Here, u dienaar luister! ” Samuel het toe gegaan en op sy slaapplek gaan lê.
- ¹⁰Die Here het gekom en gaan staan en soos die vorige kere geroep: “Samuel, Samuel! ” En Samuel sê: “Praat, Here, u dienaar luister! ”
- ¹¹Die Here sê toe vir Samuel: “Ek gaan 'n ding in Israel doen wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat tuit.
- ¹²Op daardie dag sal Ek vir Eli alles voltrek wat Ek oor sy familie aangekondig het, van begin tot end.

¹³Ek het aan hom bekend gemaak dat Ek sy familie vir altyd gaan straf oor die ongeregtheid waarvan hy geweet het. Ja, toe sy seuns die vloek oor hulle gebring het, het hy hulle nie bestraf nie.

¹⁴Daarom bevestig Ek met 'n eed aangaande die familie van Eli: die ongeregtheid van Eli se familie sal sekerlik nooit deur diereoffer of graanoffer versoen word nie.”

¹⁵Daarna het Samuel gaan lê tot die oggend, en toe die deure van die huis van die Here oopgemaak. Hy was bang om die openbaring aan Eli te gaan vertel.

¹⁶Maar Eli het vir Samuel geroep en gesê: “Samuel, my seun! ” Hy het gesê: “Ek kom! ”

¹⁷Eli sê toe: “Wat het die Here met jou gepraat? Moenie iets vir my wegsteek nie. God sal jou met die dood straf as jy iets van wat Hy aan jou bekend gemaak het, vir my wegsteek.”

¹⁸Toe vertel Samuel hom alles; hy het niks weggesteek nie. En Eli het gesê: “Hy is die Here, laat Hom doen soos Hy wil.”

Samuel, 'n betroubare profeet

¹⁹Samuel het grootgeword. Die Here was by hom en het nie een van Samuel se woorde onervul gelaat nie.

²⁰Die hele Israel van noord tot suid het gemerk dat Samuel betroubaar was as profeet van die Here.

²¹Die Here het toe weer in Silo verskyn, want Hy het Hom in Silo aan Samuel geopenbaar deur die woord van die Here.

1 Samuel 4

¹Samuel se woorde was aan die hele Israel gerig.

Die ark word buitgemaak

Op 'n keer het Israel teen die Filistyne gaan oorlog maak. Die Israeliete het by Eben-Haeser kamp opgeslaan, en die Filistyne by Afek.

²Hulle het hulle leër teenoor Israel laat stelling inneem, en toe die geveg ontplooi, is Israel deur die Filistyne verslaan. Hulle het omtrent vier duisend man op die slagveld afgemaai.

³Toe die manskappe van Israel in die laer kom, het die leiers gesê: “Waarom het die Here ons vandag voor die Filistyne laat vlug? Kom ons gaan haal die verbondsark van die Here uit Silo na ons toe dat dit by ons kan wees om ons te red uit die greep van ons vyande.”

⁴Die manskappe het na Silo toe gestuur, en die verbondsark van die Here die Almagtige wat oor die gerubs troon, van Silo af laat bring. Eli se seuns Hofni en Pinehas was ook by die verbondsark van God.

⁵Toe die verbondsark van die Here in die laer kom, het die hele Israel so hard geskreeu dat die aarde weergalm het.

⁶Die Filistyne het die geskreeu gehoor en gevra: “Wat vir 'n geskreeu is dit daar in die laer van die Hebreërs? ” Die Filistyne het toe uitgevind dat die ark van die Here in die kamp aangekom het.

⁷Hulle het bang geword, want hulle het gesê: “God het in die kamp gekom.” Verder het hulle gesê: “Dis klaar met ons, want so iets het nog nooit gebeur nie.

⁸Dis klaar met ons! Wie sal ons red uit die mag van hierdie geweldige God? Dit is dié God deur wie die Egiptenaars in die woestyn getref is met allerhande plae.

⁹Nou sal julle moet dapper wees! Gedra julle soos manne, Filistyne, sodat julle nie miskien slawe word van die Hebreërs soos hulle julle slawe was nie. Gedra julle soos manne en veg! ”

¹⁰Hierna het die Filistyne gaan veg, en die Israeliete is weer verslaan. Hulle het gevlug, elkeen na sy woonplek toe. Daar was 'n baie groot slagting, dertig duisend voetsoldate van Israel het geval.

¹¹Die ark van God is ook gevat, en Eli se twee seuns Hofni en Pinehas het omgekom.

Die dood van Eli

¹²'n Benjaminië het van die slagveld af gehardloop en dieselfde dag nog in Silo aangekom. Sy klere was geskeur, en daar was grond op sy kop.

¹³Terwyl hy aankom, het Eli juis langs die pad op sy stoel gesit en wag, want hy was bekommerd oor die ark van God. Die man het gekom en die tyding aan die dorp bekend gemaak. Die hele dorp het begin kerm en kla.

¹⁴Eli het die gekerm gehoor en gesê: “Wat skreeu die mense so? ” Die man het gou vir Eli kom vertel.

¹⁵Eli was toe ag en negentig jaar. Sy oë was star, en hy kon nie meer goed sien nie.

¹⁶Die man het vir Eli gesê: “Ek kom van die slagveld af. Ja, ek het vandag van die slagveld af gevlug.” En Eli vra: “My seun, wat het gebeur? ”

¹⁷Die boodskapper antwoord toe: “Israel het gevlug voor die Filistyne, die volk het swaar verliese gely, selfs u twee seuns Hofni en Pinehas is dood; en die ark van God is ook gevat.”

¹⁸Toe hy praat van die ark van God, het Eli daar by die poort van sy stoel af agteroor geval. Hy het sy nek gebreek en gesterf, want hy was oud en swaar. Hy was veertig jaar 'n leier in Israel.

¹⁹Sy skoondogter, die vrou van Pinehas, was swanger en sy was op haar laaste. Toe sy die tyding kry dat die ark gevat is en dat haar skoonpa en haar man dood is, het sy vooroor inmekaargetrek en 'n kind in die wêreld gebring, want die geboortepyne het haar oorval.

²⁰Toe sy wou sterf, het die vroue wat by haar gestaan het, gesê: “Moet jou nie bekommer nie, want jy het 'n seuntjie.” Sy het egter nie geantwoord of op hulle ag geslaan nie,

²¹maar die seuntjie Ikabod genoem en gesê: “Die eer is weggevat uit Israel.” Dit het geslaan op die wegvat van die ark van God en op haar skoonpa en haar man.

²²“Ja,” het sy gesê, “die eer is weggevat uit Israel, want die ark van God is gevat.”

1 Samuel 5

Die Here tref die Filistyne

¹Die Filistyne het die ark van God gevat en dit van Eben-Haeser af na Asdod toe gebring.

²Ja, die Filistyne het die ark van God gevat. Hulle het dit na die tempel van Dagon toe gebring en langs Dagon neergesit.

³Toe die Asdodiete die volgende môre opstaan, het Dagon voorgeval op die grond gelê, voor die ark van die Here. Hulle het vir Dagon opgetel en op sy plek teruggesit.

⁴Die volgende dag het hulle vroeg opgestaan, en Dagon het weer voorgeval op die grond gelê, voor die ark van die Here. Die kop van Dagon en sy twee hande het afgebreek op die drumpel gelê, net sy lyf het oorgebly.

⁵Daarom trap die priesters van Dagon, en almal wat in Dagon se tempel ingaan, tot vandag toe nie op die drumpel van die Dagonstempel in Asdod nie.

⁶Die Here het die Asdodiete swaar gekasty: Hy het Asdod en sy gebied in beroering gebring en hulle met plesswre getref.

⁷Toe die mense van Asdod sien dat dit so gaan, sê hulle: “Die ark van die God van Israel mag nie by ons bly nie, want sy hand lê swaar op ons en ons god Dagon.”

⁸Hulle het boodskappers gestuur en al die regeerders van die Filistyne in Asdod laat bymekaarkom en gevra: “Wat moet ons maak met die ark van die God van Israel? ” Die regeerders het gesê: “Die ark van die God van Israel moet na Gat toe gevat word.” Hulle het toe die ark van die God van Israel daarheen gebring,

⁹en nadat hulle dit gedoen het, het die Here 'n baie groot beroering in die stad veroorsaak. Hy het die mense van die stad, klein en groot, met 'n plaag getref. Ook by hulle het daar plesswre uitgebreek.

¹⁰Daarna het hulle die ark van God weggestuur na Ekron toe. Toe die ark van God in Ekron kom, het die Ekronners geskreeu: “Hulle het die ark van die God van Israel na ons toe gebring om ons en ons mense dood te maak.”

¹¹Hulle het boodskappers gestuur en al die regeerders van die Filistyne laat bymekaarkom en gesê: “Stuur weg die ark van die God van Israel. Laat dit na sy eie plek toe teruggaan sodat dit ons en ons mense nie doodmaak nie.” Daar was 'n dodelike siekte in die hele stad. Die hand van God het swaar gelê op hulle:

¹²die mense wat nie gesterf het nie, is met pesswere getref. Die geskreeu in die stad kon baie ver gehoor word.

1 Samuel 6

Die ark word teruggestuur

¹Toe die ark van die Here sewe maande in Filistynse gebied was,

²het die Filistyne hulle priesters en waarsêers ontbied en gevra: “Wat moet ons met die ark van die Here doen? Sê vir ons hoe ons dit na sy eie plek toe kan terugstuur.”

³En hulle het geantwoord: “As julle die ark van die God van Israel terugstuur, moet julle dit nie sommerso terugstuur nie. Julle moet dit teruggee met 'n behoorlike geskenk daarby. Dan sal julle gesond word en weet waarom sy hand so swaar op julle gebly het.”

⁴Die Filistyne vra hulle toe: “Watter geskenk moet ons daarmee saamstuur?” en hulle antwoord: “Goue afbeeldings van vyf pesswere en van vyf muise, volgens die getal Filistynse regeerders, want die plaag was een en dieselfde vir almal, ook vir die regeerders.

⁵Maak afbeeldings van julle swere en van die muise wat die land verniel het, en gee eer aan die God van Israel; miskien sal sy hand dan nie langer swaar op julle lê nie, ook nie op julle gode en op julle land nie.

⁶Waarom sou julle hardkoppig bly soos die Egiptenaars en die farao hardkoppig was? Toe God hulle laat swaarkry het, het hulle uiteindelik die Israeliete laat gaan dat hulle kon wegtrek.

⁷“Maak dan nou 'n nuwe wa en vat twee koeie wat in die melk is en nog nie ingespan was nie. Span hulle in voor die wa en keer hulle kalwers af kraal toe.

⁸Vat dan die ark van die Here en sit dit op die wa. Die goue voorwerpe wat julle as geskenk aan die Here gee, moet julle langs die ark in 'n kisse neersit. Los dan die wa dat hy loop.

⁹En let op: as dit met die pad langs na sy gebied toe in Bet-Semes gaan, dan het die Here ons hierdie groot kwaad aangedoen. So nie, dan weet ons dat dit nie Hy was nie; dan was dit maar iets wat toevallig gebeur het.”

¹⁰Die Filistyne het dit toe gedoen. Hulle het die twee koeie gevat en voor die wa ingespan en hulle kalwers in die kraal gehou,

¹¹en die ark van die Here op die wa gesit, ook die kisse met die goue muis en die afbeeldings van die swere.

¹²Die koeie het reguit met die pad langs na Bet-Semes toe geloop, bulk-bulk al met die grootpad langs. Hulle het nie links of regs weggedraai nie, terwyl die Filistynse regeerders agter hulle aan geloop het tot by die gebied van Bet-Semes.

¹³Die mense van Bet-Semes was besig om koring te oes in die laagte, en toe hulle opkyk, sien hulle die ark. Hulle was bly om dit te sien.

¹⁴Die wa het tot by die grond van Josua van Bet-Semes gekom en daar gaan staan. Dáár was 'n groot klip. Hulle het die hout van die wa stukkend gekap en die koeie as brandoffer aan die Here geoffer.

¹⁵Die Leviete het die ark van die Here en die kisse daar langsaan waarin die goue voorwerpe was, afgelaai en op die groot klip neergesit. Op daardie dag het die mense van Bet-Semes aan die Here brandoffers en ander diereoffers geoffer.

¹⁶Toe die vyf Filistynse regeerders dit sien, het hulle dieselfde dag nog teruggegaan na Ekron toe.

¹⁷Die geskenk wat die Filistyne aan die Here gegee het, die goue afbeeldings van die swere, was een vir Asdod, een vir Gasa, een vir Askelon, een vir Gat en een vir Ekron.

¹⁸Die goue afbeeldings van die muise was vir die versterkte en onversterkte stede van die vyf Filistynse regeerders. Die groot klip waarop hulle die ark van die Here neergesit het, staan tot vandag toe as getuie op die grond van Josua van Bet-Semes.

¹⁹Maar die Here het die inwoners van Bet-Semes getref omdat hulle die ark bekyk het. Hy het sewentig man onder hulle laat sterf. Toe het hulle gerou omdat die Here hulle so swaar getref het.

²⁰Daarna het die mense van Bet-Semes gevra: “Wie kan bestaan in die teenwoordigheid van die Here, hierdie heilige God? Na wie toe kan Hy gaan van ons af? ”

²¹Hulle het boodskappers gestuur na die inwoners van Kirjat-Jearim toe om te sê: “Die Filistyne het die ark van die Here teruggebring. Kom vat dit na julle toe.”

1 Samuel 7

¹Die mense van Kirjat-Jearim het toe gekom. Hulle het die ark van die Here gaan haal en dit na die huis van Abinadab op die heuwel gebring. Hulle het sy seun Eleasar gewy om die ark van die Here op te pas.

Die verlossing by Mispa

²Vandat die ark in Kirjat-Jearim 'n staanplek gekry het, het daar 'n lang tyd verloop, twintig jaar. Toe het al die Israëliete by die Here gekla oor hulle verdrukking,

³en Samuel het vir hulle gesê: “As julle met julle hele hart na die Here terugkom, moet julle alle vreemde gode tussen julle uit verwyder, ook die

Astartes. Rig julle harte op die Here en dien Hom alleen. Dan sal Hy julle red uit die mag van die Filistyne.”

⁴Die Israeliete het toe die Baäls en die Astartes verwyder en net die Here gedien.

⁵Toe sê Samuel: “Die hele Israel moet by Mispa bymekaarkom, dan sal ek vir julle tot die Here bid.”

⁶Hulle het by Mispa bymekaargekom, water geskep en dit voor die Here uitgegiet. Op daardie dag het hulle gevas en daar het hulle bely: “Ons het teen die Here gesondig.” Samuel het die Israeliete in Mispa onderrig oor wat reg en verkeerd is.

⁷Die Filistyne het verneem dat die Israeliete by Mispa bymekaargekom het, en die Filistynse regeerders het teen hulle opgetrek. Toe die Israeliete dit hoor, was hulle bang vir die Filistyne.

⁸Die Israeliete sê toe vir Samuel: “Moenie ophou om die Here ons God vir ons om hulp te smee nie, sodat Hy ons uit die mag van die Filistyne kan red.”

⁹Samuel het 'n suiplam gevat en dit in sy geheel aan die Here as brandoffer geoffer. Hy het ook die Here om hulp gesmeek vir Israel, en die Here het sy gebed verhoor.

¹⁰Samuel was nog besig om te offer, toe kom die Filistyne nader om teen Israel te veg. Op daardie dag het die Here 'n groot donderweer oor die Filistyne laat losbars. Die Here het hulle verwar, en hulle is deur die Israeliete verslaan.

¹¹Die Israeliete het van Mispa af die Filistyne agtervolg en hulle verdryf tot onderkant Bet-Kar.

¹²Samuel het toe 'n klip gevat en dit regop gesit tussen Mispa en Sen. Hy het die plek Eben-Haeser genoem, “want,” het hy gesê, “tot nou toe het die Here ons gehelp.”

Opsomming van Samuel se werk

¹³Die Filistyne is verslaan en het nie weer in die gebied van Israel gekom nie. Die Here was teen die Filistyne so lank as Samuel geleef het.

¹⁴Die stede wat die Filistyne van Israel afgevat het, is deur Israel herower, van Ekron af tot by Gat. Israel het sy gebied uit die mag van die Filistyne bevry. Verder was daar vrede tussen Israel en die Amoriete.

¹⁵Samuel was sy lewe lank 'n leier in Israel.

¹⁶Hy het van tyd tot tyd rondgegaan, by Bet-El, Gilgal en Mispa. By al hierdie plekke het hy Israel se hofsake verhoor.

¹⁷Daarna het hy weer na Rama toe teruggegaan waar sy huis was, en ook dáár het hy Israel se hofsake verhoor. Daar het hy ook 'n altaar vir die Here gebou.

1 Samuel 8

Die Israeliete vra 'n koning

¹Toe Samuel oud geword het, het hy sy seuns as leiers oor Israel aangestel.

²Die oudste se naam was Joël en dié van die tweede Abia. Hulle was leiers in Berseba.

³Maar Samuel se seuns was nie soos hy nie: hulle het hulle verryk ten koste van ander, het omkoopgeskenke aangeneem en die regspraak verdraai.

⁴Al die leiers van Israel het bymekaargekom en na Samuel toe in Rama gegaan.

⁵Hulle het vir hom gesê: “Kyk, u het oud geword. U kinders is nie soos u nie. Stel nou liever 'n koning oor ons aan om oor ons te regeer, soos dit by al die nasies is.”

⁶Maar vir Samuel was dit verkeerd dat hulle gesê het: “Gee ons tog 'n koning om oor ons te regeer.” Samuel het tot die Here gebid,

⁷en die Here het vir hom gesê: “Gee toe aan die versoek van die volk in alles wat hulle van jou vra. Hulle het jónie verwerp nie; hulle het Mý verwerp as koning oor hulle.

⁸Hulle het nou ook met jou gemaak wat hulle met My gedoen het sedert Ek hulle uit Egipte laat trek het tot nou toe: hulle het My verlaat en ander gode gedien.

⁹Gee nou maar toe aan hulle versoek. Stel die saak net baie duidelik aan hulle: sê vir hulle wat die reg van die koning is wat oor hulle sal regeer.”

¹⁰Samuel het al die woorde van die Here oorgedra aan die volk wat van hom 'n koning gevra het.

¹¹Hy het gesê: “Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: julle seuns sal hy vat en party by sy wa en perderuiters aanstel, party om voor sy wa uit te hardloop,

¹²party sal hy aanstel as bevelvoerders oor afdelings en onderafdelings van die leër, party om sy lande te ploeg en sy oes in te samel, en party om sy krygstuig en uitrusting vir sy strydwaens te maak;

¹³julle dogters sal hy vat om vir hom self te meng, om vir hom te kook en te bak;

¹⁴julle beste lande, wingerde en olyfboorde sal hy vat en aan sy amptenare gee;

¹⁵van julle saaigrond en wingerde se opbrengs sal hy 'n tiende vat en aan sy paleispersoneel en sy amptenare gee;

¹⁶julle beste slawe, slavinne en jong manne, en julle donkies sal hy vat en vir sy werk gebruik;

¹⁷van julle kleinvee sal hy 'n tiende vat, en julle self sal sy slawe wees.

¹⁸“Daardie dag sal julle om hulp roep vanweë julle koning vir wie julle verkies het, maar dan sal die Here julle nie antwoord nie.”

¹⁹Maar die volk het geweier om na Samuel te luister. Hulle het vir hom gesê: “Nee, daar moet tog maar 'n koning oor ons wees.

²⁰Ons wil ook soos al die nasies wees. Ons koning moet oor ons regeer; hy moet ons lei en ons oorloë voer.”

²¹Samuel het na die woorde van die volk geluister en dit vir die Here vertel.

²²Toe sê die Here vir Samuel: “Gee toe aan hulle versoek. Stel 'n koning oor hulle aan.” Samuel het vir die manne van Israel gesê: “Gaan julle nou almal huis toe.”

1 Samuel 9

Saul word tot koning gesalf

¹Daar was 'n man uit Benjamin. Sy naam was Kis, en hy was 'n seun van Abiël seun van Seror, seun van Bekorat, seun van Afiag. Hy was 'n Benjaminiet en 'n ryk man.

²Hy het 'n seun gehad met die naam Saul en dié was sterk en mooi; onder die Israëliete was daar niemand mooier as hy nie. Hy was 'n kop langer as enige van sy volksgenote.

³Toe daar op 'n keer donkies van Kis, Saul se pa, weggeraak het, het hy vir sy seun Saul gesê: “Vat een van die slawe saam, maak klaar en gaan soek die donkies.”

⁴Hulle het die Efraimsberge deurkruis; hulle het die Salisastreek ook deurkruis, maar niks gekry nie. Hulle het die Saälimgebied deurkruis, maar daar was niks. Hulle het toe die Jeministreek deurkruis en ook niks gekry nie.

⁵Toe hulle in die Sufgebied kom, het Saul vir die slaaf by hom gesê: “Kom ons gaan terug, anders vergeet my pa van die donkies en raak bekommerd oor ons.”

⁶Die slaaf sê toe vir Saul: “Nee, wag! In hierdie stad is 'n man van God. Dié man geniet hoë aansien. Alles wat hy sê, gebeur net so. Kom ons gaan soontoe. Dalk kan hy vir ons sê waar om te soek.”

⁷Saul sê toe vir sy slaaf: “Nou goed, kom ons gaan, maar wat sal ons vir die man saamvat? Die brood in ons sakke is al op. Ons het ook nie 'n geskenk om vir die man van God te gee nie. Wat het ons? ”

⁸Die slaaf het vir Saul geantwoord: “Wag! Ek het 'n drie gram silwer by my. Ek sal dit aan die man van God gee sodat hy vir ons kan sê waar om te soek.”

⁹Vroeër, wanneer iemand gegaan het om God te raadpleeg, is daar in Israel gesê: “Kom ons gaan na die siener toe.” Die profeet van vandag is vroeër siener genoem.

¹⁰Saul het vir sy slaaf gesê: “Dis 'n goeie plan. Kom ons gaan.” Hulle het na die stad toe gegaan waar die man van God was.

¹¹Terwyl hulle die opdraand na die stad toe opgaan, het hulle meisies teëgekom wat gaan water skep het, en vir hulle gevra: “Is die siener hier? ”

¹²Hulle het geantwoord: “Hy is daar in die stad voor u. Maak gou! Hy het vandag na hierdie stad toe gekom, want die volk bring vandag 'n offer op die hoogte.

¹³Wanneer julle die stad binnegaan, sal julle hom kry net voor hy na die hoogte toe opgaan om te eet. Die mense eet nie voor hy gekom het nie, want hy moet die offer seën. Daarna eet die genooïdes. Gaan dadelik, want julle sal hom nou daar kry.”

¹⁴Hulle is na die stad toe en toe hulle die stad ingaan, kom Samuel juis in hulle rigting om na die hoogte toe op te gaan.

¹⁵'n Dag voor die koms van Saul het die Here vertroulik aan Samuel geopenbaar:

¹⁶“Môre teen hierdie tyd sal Ek 'n man uit die gebied van Benjamin na jou toe stuur. Jy moet hom tot regeerder oor my volk Israel salf. Hy sal my volk red uit die mag van die Filistyne, want Ek het op my volk ag geslaan. Ja, hulle hulpgeroep het My bereik.”

¹⁷Net toe Samuel vir Saul sien, het die Here vir hom gesê: “Dit is die man van wie Ek jou gesê het hy sal oor my volk regeer.”

¹⁸Saul het vir Samuel in die poort teëgekom en vir hom gesê: “Sê my asseblief waar is die huis van die siener.”

¹⁹Samuel sê toe vir Saul: “Ek is die siener. Gaan saam met my na die hoogte toe. Julle moet vandag saam met my gaan eet. Môreoggend sal ek jou laat gaan. Oor alles wat jou kwel, sal ek jou inlig.

²⁰Jou donkies is vandag al drie dae weg. Jy moet jou egter nie oor hulle bekommer nie, want hulle is gekry. Maar aan wie behoort die kosbaarste goed in die hele Israel? Is dit nie aan jou en jou hele familie nie? ”

²¹En Saul antwoord: “Ek is maar net 'n Benjamins, uit die swakste stam van Israel. Boonop is my familie die kleinste in die stam Benjamin! Waarom praat u so met my? ”

²²Samuel het Saul en sy slaaf saamgevat en hulle na die eetplek toe gebring. Hy het hulle 'n ereplek onder die genooies gegee. Daar was omtrent dertig man.

²³Samuel het vir die kok gesê: “Bring die deel wat ek aan jou gegee het en waarvan ek gesê het: Sit dit eenkant.”

²⁴Die kok het die boud vleis gevat en voor Saul neergesit, en Samuel het vir hom gesê: “Dit is wat uitgehou is. Eet wat voor jou neergesit is, want vir hierdie geleentheid is dit vir jou gebêre toe ek die mense genooi het.” So het Saul dan daardie dag saam met Samuel geëet.

²⁵Daarna het hulle van die hoogte af na die stad toe gegaan. En Samuel het met Saul op die huis se dak gepraat.

²⁶Die volgende môre het hulle vroeg opgestaan. Toe die rooidag uitkom, het Samuel al na Saul op die dak geroep: “Staan op! Ek wil 'n ent met jou saam stap.” Saul het toe opgestaan, en hy en Samuel het buite toe gegaan.

²⁷Hulle het gegaan tot by die stadsgrens en Samuel het vir Saul gesê: “Beveel die slaaf om vooruit te loop; maar wag jy eers sodat ek vir jou kan vertel wat God gesê het.”

1 Samuel 10

¹Nadat die slaaf vooruitgegaan het, het Samuel 'n kruik olie gevat en dit oor Saul se kop uitgegiet, hom gesoen en gesê: “Die Here het jou tot regeerder oor sy besitting gesalf.

²Wanneer jy vandag van my af weggaan, sal jy by Selsag, by die graf van Ragel op die grens van Benjamin, twee mans teëkom en hulle sal vir jou sê: ‘Die donkies wat jy gaan soek het, is gekry. Maar kyk, jou pa het die saak van die donkies al laat vaar. Hy is bekommerd oor julle en vra: Wat kan ek omtrent my seun doen? ’

³“En wanneer jy daarvandaan verder gaan, sal jy by Elon-Tabor kom. Daar sal jy drie mans teëkom wat na God in Bet-El opgaan. Die een sal drie bakkies dra, die ander een drie ringbrode en die derde 'n kruik wyn.

⁴Hulle sal vra hoe dit met jou gaan. Dan sal hulle jou twee brode gee, en jy moet dit van hulle aanneem.

⁵Daarna sal jy uitkom by Gibeon van God waar wagposte van die Filistyne is. Wanneer jy die stad binnekom, sal jy op 'n groep profete afkom. Hulle sal van die hoogte af gaan onder begeleiding van harpe, tamboeryne, fluite en liere, en hulle sal as profete optree.

⁶“Dan sal die Gees van die Here kragtig in jou werk. Jy sal saam met hulle as profeet optree en 'n ander mens word.

⁷Wanneer hierdie tekens oor jou kom, moet jy doen wat jou hand vind om te doen, want God is by jou.

⁸Daarna moet jy voor my na Gilgal toe gaan en ek sal later kom om brandoffers te offer en maaltydoffers te bring. Jy moet sewe dae wag tot ek by jou kom. Dan sal ek jou sê wat jy moet doen.”

⁹Net toe hy omdraai om van Samuel af weg te gaan, het God Saul se gesindheid verander. Al hierdie tekens het op dié dag uitgekom.

¹⁰Hulle het daar in Gibeon gekom, en toe hy weer sien, kom 'n groep profete hom tegemoet. Die Gees van God het kragtig in hom gewerk, en hy het saam met hulle as profeet opgetree.

¹¹Almal wat hom voorheen geken het en nou gesien het hoe hy saam met die profete as profeet optree, het vir mekaar gevra: “Wat het met Kis se seun gebeur? Is Saul ook onder die profete? ”

¹²En iemand uit die omgewing het bygevoeg: “En waarvandaan kom hulle nogal? ” Daarom het dit 'n spreekwoord geword: Is Saul ook onder die profete?

¹³Toe hy klaar as profeet opgetree het, het hy na die hoogte toe gegaan.

¹⁴Saul se oom het vir hom en sy slaaf gevra: “Waarheen was julle? ” Saul het geantwoord: “Ons het die donkies gaan soek, maar ons het niks gesien nie en het toe na Samuel toe gegaan.”

¹⁵Saul se oom sê toe: “Vertel my tog wat Samuel vir julle gesê het.”

¹⁶“Hy het ons verseker dat die donkies gekry is,” het Saul vir sy oom gesê. Maar oor die saak van die koningskap wat Samuel genoem het, het Saul niks gesê nie.

Saul word in Mispa as koning aangewys

¹⁷Daarna het Samuel die volk by Mispa na die Here toe geroep.

¹⁸Hy het vir die Israeliete gesê: “So het die Here die God van Israel gesê: Ek het Israel uit Egipte laat optrek en julle gered uit die mag van Egipte en al die koninkryke wat vir julle verdruk het.

¹⁹Maar deurdat julle sê: ‘Nee, U móét 'n koning oor ons aanstel,’ verwerp julle vandag julle God wat vir julle uit alle gevare en verdrukking verlos het. Kom staan dan nou voor die Here volgens julle stamme en julle onderafdelings.”

²⁰Samuel het al die stamme van Israel laat nader kom, en die stam Benjamin is aangewys.

²¹Samuel het die stam Benjamin volgens sy families laat nader kom, en die familie van Matar is aangewys. Vervolgens is Saul seun van Kis aangewys, maar toe hulle hom soek, was hy weg.

²²Hulle het die Here gevra: “Moet hy nog kom? ” Die Here het geantwoord: “Nee, hy is al hier. Hy kruip weg tussen die bondels goed.”

²³Hulle het gehardloop en hom daarvandaan gebring en hom tussen die volk laat staan. Hy was 'n kop langer as enige van sy volksgenote.

²⁴Samuel sê toe vir die hele volk: “Sien julle die een vir wie die Here uitgekies het? Daar is niemand soos hy onder die hele volk nie! ” Toe juig almal en sê: “Lank lewe die koning! ”

²⁵Samuel het hierna die reg van die koning aan die volk bekend gemaak, dit in 'n boek opgeteken en voor die Here neergesit. Daarna het Samuel die hele volk weggestuur, elkeen na sy woonplek toe.

²⁶Ook Saul het na sy huis toe gegaan in Gibeon. Die dapperes wie se hart deur God geroer is, het saam met hom gegaan.

²⁷Maar die kwaadwilliges het gevra: “Hoe sal hý ons red? ” Hulle het hom met minagting behandel en geen geskenk vir hom gebring nie, maar daaraan het Saul hom nie gesteur nie.

1 Samuel 11

Saul verslaan die Ammoniete

¹Nagas die Ammoniet het opgetrek en Jabes in Gilead beleër. Al die inwoners van Jabes het vir Nagas gesê: “Sluit 'n verdrag met ons, dan sal ons u onderdane wees.”

²En Nagas die Ammoniet het vir hulle gesê: “Op hierdie voorwaarde sal ek dit doen: ek steek elkeen van julle se regteroog uit tot skande van die hele Israel.”

³Toe sê die leiers van Jabes vir hom: “Gee ons sewe dae kans sodat ons boodskappers deur die hele gebied van Israel kan stuur. Indien niemand tot ons redding kom nie, sal ons ons aan u oorgee.”

⁴Die boodskappers het by Saul se stad Gibeon gekom en ten aanhore van die volk die hele saak uiteengesit. En die hele volk het hard gehuil.

⁵Toe kom Saul net agter die osse van die land af en hy vra: “Wat makeer die volk dat hulle so huil? ” Hulle het hom vertel wat die manne van Jabes gesê het.

⁶Die Gees van God het kragtig in Saul gewerk toe hy dit hoor, en hy het woedend geword.

⁷Toe vat hy twee osse en kap hulle in stukke en stuur dit deur die hele gebied van Israel met boodskappers wat sê: “Hy wat nie agter Saul en Samuel optrek nie — so sal met sy beeste gemaak word.” ‘n Geweldige skrik het die volk oorval en hulle het soos een man opgetrek.

⁸Saul het hulle in Besek getel. Daar was drie honderd afdelings Israëliete, en die manne van Juda was dertig afdelings.

⁹Hulle het toe vir die boodskappers wat gekom het, gesê: “So moet julle vir die manne van Jabes in Gilead sê: Mōre as die son warm word, sal daar vir julle uitkoms wees.” Die boodskappers het gegaan en dit aan die manne van Jabes vertel, en hulle was bly.

¹⁰Die manne van Jabes het egter vir Nagas gesê: “Mōreoggend gee ons ons aan julle oor. Dan kan julle met ons maak net wat julle wil.”

¹¹Na sonder het Saul die manskappe in drie afdelings opgestel. Lank voor dagbreek het hulle die kamp van die Ammoniete binnegeval en tot op die warmte van die dag het hulle die Ammoniete om die lewe gebring. Dié wat oorgebly het, is so uitmekaargejaag dat daar nie twee van hulle bymekaar gebly het nie.

¹²Die manskappe het toe vir Samuel gevra: “Wie het gesê: ‘Moet Saul dan oor ons koning wees?’ Lewer daardie mense uit en ons sal hulle doodmaak!”

¹³Maar Saul het gesê: “Op 'n dag soos dié mag niemand doodgemaak word nie, want vandag het die Here uitkoms gegee in Israel.”

¹⁴Toe sê Samuel vir die manskappe: “Kom ons gaan na Gilgal toe en bevestig daar opnuut die koningskap.”

¹⁵Al die manskappe is toe na Gilgal toe, en daar in Gilgal het hulle voor die Here aangekondig dat Saul koning is. Hulle het daar maaltydoffers voor die Here gebring, en Saul en al die manskappe van Israel was baie bly.

1 Samuel 12

Samuel lewer sy afskeidsboodschap

¹Samuel het vir die hele Israel gesê: “Kyk, ek het aan julle versoek toegegee; soos julle vir my gevra het, het ek 'n koning oor julle aangestel.

²Hier is die koning dan nou. Hy sal julle lei. Maar ek het oud en grys geword en my seuns is hier saam met julle. Ek het julle van my jeug af tot nou toe gelei.

³Lê dan nou getuienis teen my af in die teenwoordigheid van die Here en sy gesalfde. Van wie het ek 'n os gevat? Van wie het ek 'n donkie gevat? Wie het ek benadeel of wie het ek verdruk? Uit wie se hand het ek omkoopgeld aangeneem om 'n onreg oor te sien? Ek sal dit terugbetaal.”

⁴Toe antwoord hulle: “U het ons nie benadeel en ons ook nie verdruk nie. U het van niemand iets gevat nie.”

⁵Verder sê Samuel vir hulle: “Die Here is hier by julle getuie, en sy gesalfde is vandag ook getuie dat julle niks teen my gevind het nie.” En hulle sê: “Hy is getuie.”

⁶Samuel sê toe vir die volk: “Die Here deur wie Moses en Aäron gemaak is wat hulle was, en deur wie julle voorgeslag uit Egipte gebring is, is getuie.

⁷Kom staan nou hier dat ek julle voor die Here kan onderrig op grond van al die reddingsdade van die Here wat Hy vir julle en julle voorgeslag gedoen het.

⁸“Nadat Jakob in Egipte gekom het, het julle voorvaders na die Here geroep om hulp. Die Here het toe vir Moses en Aäron gestuur, en hulle het julle voorvaders uit Egipte uit gelei en in hierdie land laat woon.

⁹Maar julle voorvaders het die Here hulle God vergeet. Hy het hulle oorgegee in die mag van Sisera, die leëraanvoerder van Hasor, en in die mag van die Filistyne en van die koning van Moab, wat almal teen julle voorvaders oorlog gemaak het.

¹⁰Hulle het na die Here geroep om hulp en het bely: ‘Ons het gesondig, want ons het die Here verlaat en ons het die Baäls en die Astartes gedien. Red ons tog nou uit die mag van ons vyande, en ons sal U dien.’

¹¹Toe het die Here vir Jerubbaäl, Barak, Jefta en Samuel gestuur en julle bevry uit die mag van julle vyande rondom julle sodat julle rustig kon woon.

¹²Toe julle sien dat koning Nagas van die Ammoniete teen julle optrek, het julle vir my gesê: ‘Nee, daar moet 'n koning oor ons heers,’ hoewel die Here julle God tog julle koning is.

¹³“Hier is dan nou die koning vir wie julle verkies het, op wie julle aangedring het. Kyk, die Here het 'n koning oor julle aangestel.

¹⁴As julle eerbied aan die Here betoon, Hom dien en na sy stem luister en julle ook nie verset teen die bevel van die Here nie, julle sowel as die koning wat oor julle regeer, sal die Here julle God by julle wees.

¹⁵As julle nie na die stem van die Here luister nie en ongehoorsaam is aan die bevel van die Here, sal die Here teen julle wees, soos teen julle voorvaders.

¹⁶“Staan nog net 'n rukkie en let op hierdie groot ding wat die Here voor julle oë gaan doen.

¹⁷Hoewel dit nou nie reëntyd is nie, gaan ek die Here aanroep sodat Hy donderslae en 'n stortreën gee. Kyk daarna en besef dan dat julle in die oë van die Here 'n baie verkeerde ding gedoen het deur vir julle 'n koning te vra.”

¹⁸Samuel het die Here aangeroop, en die Here het op dieselfde dag donderslae en 'n stortreën gegee, en die hele volk het groot ontsag gekry vir die Here, en ook vir Samuel.

¹⁹Die hele volk het vir Samuel gesê: “Bid tot die Here u God vir ons sodat ons nie sterwe nie, want by al ons sondes het ons nog boonop 'n verkeerde ding gedoen deur vir ons 'n koning te vra.”

²⁰Samuel sê toe vir die volk: “Moenie bang wees nie, julle het nou wel hierdie verkeerde dinge gedoen, maar moet nou net nie van die Here af wegdraai nie. Dien die Here met julle hele hart.

²¹Moenie agter afgode aan wegdraai nie. Hulle kan nie help of red nie, want hulle is niks.

²²Ter wille van sy groot Naam sal die Here nie sy volk prysgee nie. Die Here het besluit om julle sy volk te maak.

²³Ook ek sal nie teen die Here sondig deur op te hou om vir julle te bid nie. Ek sal julle aanhou onderrig in die goeie en reguit pad.

²⁴Wees net gehoorsaam aan die Here en dien Hom opreg en met julle hele hart. Let op die groot dinge wat Hy vir julle gedoen het.

²⁵Maar as julle opsetlik verkeerd doen, sal julle sowel as julle koning uitgewis word.”

1 Samuel 13

Saul se koningskap wankel

¹Saul het al 'n jaar of twee as koning oor Israel geregeer,

²toe kies hy vir hom drie afdelings uit Israel uit. Twee afdelings was by hom in Mikmas en in die bergwêreld van Bet-El. Een afdeling was by Jonatan in Gibeon in Benjamin. Saul het die res van die manskappe huis toe gestuur.

³Toe Jonatan die Filistynse wagpos wat in Gibeon was, oorrompel het, het die Filistyne daarvan gehoor. Saul het oor die hele land die ramshoring laat blaas om die Hebreërs op te roep.

⁴Die hele Israel het gehoor dat Saul die wagpos van die Filistyne oorrompel het en dat Israel in onguns gebring was by die Filistyne. Die manskappe is bymekaargeroep by Saul in Gilgal.

⁵Die Filistyne het bymekaargekom om teen Israel te veg: dertig afdelings strydwaens en ses afdelings perderuiters en manskappe so baie soos die sand van die see. Hulle het opgetrek en kamp opgeslaan by Mikmas oos van Bet-Awen.

⁶Israel het gemerk dat hy in die moeilikheid is, want die volk was in 'n hoek vasgekeer. Die volk het in spelonke, grotte, hol kranse, gate en droë putte gaan wegkruip.

⁷En sommige Hebreërs het deur die Jordaan gegaan na Gad en na Gilead toe. Saul was egter nog in Gilgal en al die manskappe by hom was doodbang.

⁸Hy het sewe dae gewag, die tyd soos afgespreek met Samuel, maar Samuel het nie by Gilgal opgedaag nie. Toe die manskappe wat by Saul was, begin dros het,

⁹het hy gesê: “Bring die brandoffer en die maaltydoffers na my toe.” Hy het toe self die brandoffer geoffer.

¹⁰En toe gebeur dit! Net toe hy die brandoffer klaar verbrand het, kom Samuel daar aan. Saul het na hom toe uitgegaan om hom te groet.

¹¹Samuel vra hom toe: “Wat het jy aangevang? ” En Saul het gesê: “Ek het gesien die manskappe loop van my af weg, en u het nie opgedaag op die tyd wat ons afgespreek het nie. Die Filistyne het bymekaargekom by Mikmas,

¹²en toe dink ek: die Filistyne sal nou-nou teen my afkom na Gilgal toe en ek het nog nie aan die Here 'n offer gebring nie. Toe het ek dit gewaag om self die brandoffer te bring.”

¹³Maar Samuel sê vir Saul: “Jy het dwaas gehandel. As jy maar die bevel van die Here jou God wat Hy jou gegee het, nagekom het! Waarlik, dan sou die Here nou jou koningskap oor Israel vir altyd bevestig het.

¹⁴Maar nou sal jou koningskap nie bestendig word nie. Die Here sal vir Hom 'n man na sy hart soek. Die Here sal hóm aanstel as regeerder oor sy volk, want jy het nie gedoen wat die Here jou beveel het nie.”

¹⁵Samuel het daarna opgestaan en van Gilgal af na Gibeon in Benjamin toe vertrek. Saul het toe die manskappe wat nog by hom was, getel: omtrent ses honderd man.

¹⁶En terwyl Saul en sy seun Jonatan en die manskappe by hulle in Gibeon in Benjamin was, was die Filistynse kamp nog steeds by Mikmas.

¹⁷Daar het toe 'n rooibende in drie afdelings uit die kamp van die Filistyne uitgegaan. Die een afdeling het in die rigting van Ofra na die Sualstreek toe gedraai.

¹⁸Die tweede het in die rigting van Bet-Goron gedraai, en nog 'n afdeling het gedraai in die rigting van die gebied wat afkyk op die Seboïmdal na die woestyn se kant toe.

¹⁹Daar was geen smid in die hele Israel nie, want die Filistyne het gesê die Hebreërs sal swaarde of spiese maak.

²⁰Daarom moes elke Israeliet na die Filistyne toe gaan om sy ploegskaar of skoffelpik of byl of ander gereedskap te laat slyp.

²¹Dit was die geval met die skerpmaak van ploegskare, skoffelpikke, drietandvurke en byle en ook met die regmaak van osprikkels.

²²So het dit dan gebeur dat in die oorlogstyd nie een van die manskappe by Saul en Jonatan 'n swaard of 'n spies gehad het nie; net Saul en sy seun Jonatan het wapens gehad.

Jonatan verras die Filistyne

²³In daardie tyd het 'n patrollie van die Filistyne die pas by Mikmas beset.

1 Samuel 14

¹Op 'n dag sê Jonatan seun van Saul toe vir sy wapendraer: “Kom ons gaan oor na die patrollie van die Filistyne toe daar oorkant.” Hy het dit egter nie vir sy pa vertel nie.

²Saul was toe onder 'n granaatboom by die dorsvloer net buite Gibea met omtrent ses honderd man by hom.

³Die priester Agija seun van Agitub, broer van Ikabod seun van Pinehas, seun van Eli wat priester van die Here in Silo was, het die skouerkleed gedra. Maar die manskappe het nie geweet dat Jonatan weggegaan het nie.

⁴Weerskante van die pas waar Jonatan probeer deurgaen het na die patrollie van die Filistyne toe, was daar 'n spits rots. Die naam van die een rots was Boses en dié van die ander Senne.

⁵Die een spits het soos 'n pilaar aan die noordekant teenoor Mikmas gestaan, en die ander aan die suidekant teenoor Gibea.

⁶Jonatan het vir sy wapendraer gesê: “Kom ons gaan oor na die patrollie van hierdie heidene toe. Miskien sal die Here ons help. Hy kan red, deur baie of deur min.”

- ⁷En sy wapendraer sê vir hom: “Net soos u wil. Ek is tot u diens.”
- ⁸Jonatan sê toe vir hom: “Nou toe, kom ons gaan in hulle rigting sodat hulle ons kan sien.
- ⁹As hulle vir ons sê: ‘Staan stil totdat ons by julle kom,’ bly ons hier onder staan. Ons gaan dan nie op na hulle toe nie.
- ¹⁰Maar as hulle vir ons sê: ‘Kom op na ons toe,’ gaan ons na hulle toe, want dan sal dit vir ons die teken wees dat die Here hulle in ons mag gee.”
- ¹¹Toe die Filistynse patrollie die twee sien, het die Filistyne gesê: “Kyk daar! Party Hebreërs het uitgekom uit die gate waarin hulle weggekruip het.”
- ¹²En die manne van die patrollie het vir Jonatan en sy wapendraer uitgedaag: “Kom op na ons toe dat ons julle 'n les kan leer.” Jonatan het vir sy wapendraer gesê: “Klim agter my aan! Die Here het hulle in die mag van Israel oorgegee.”
- ¹³Jonatan het hande-viervoet opgeklouter met sy wapendraer op sy hakke. Die vyand het voor Jonatan geval, en agter hom het sy wapendraer hulle doodgemaak.
- ¹⁴In hierdie eerste slagting deur Jonatan en sy wapendraer het omtrent twintig man geval, en dit op 'n klein stukkie grond.
- ¹⁵Toe het die hele leër van die vyand paniekbevange geword, in die laer en in die veld; die patrollie en die roofbende het ook paniekbevange geword: daar was 'n aardbewing en God het hulle paniekbevange gemaak.
- ¹⁶Toe die wagte van Saul by Gibeon in Benjamin sien dat die menigte in beroering is en in die rondte maal,
- ¹⁷het Saul vir die manskappe by hom gesê: “Stel dadelik vas wie van ons is weg.” Hulle het vasgestel Jonatan en sy wapendraer is nie daar nie.
- ¹⁸Saul sê toe vir Agija: “Bring die ark van God nader.” Die ark van God was in dié tyd by die Israëliete.

¹⁹Terwyl Saul nog met die priester aan die praat was, het die rumoer in die laer van die Filistyne steeds groter geword. Toe sê Saul vir die priester: “Laat staan maar! ”

²⁰Saul en die manskappe by hom het bymekaargekom en toe hulle by die geveg kom, was die Filistyne besig om onder mekaar te veg. Daar was baie groot verwarring.

²¹Boonop het die Hebreërs wat voorheen saam met die Filistyne se leer opgetrek het, oorgeloop na die Israeliete toe wat by Saul en Jonatan was.

²²Al die Israeliete wat in die Efraimsberge weggekruip het, het gehoor dat die Filistyne vlug en het hulle agterna gesit.

²³Die Here het Israel daardie dag gered. Hulle het veg-veg by Bet-Awen verbygegaan.

²⁴Elke Israeliet het daardie dag kom veg. Saul het die manskappe 'n eed opgelê en gesê: “'n Ramp tref dié een wat voor vanaand iets eet. Ek wil my op my vyande wreek.” Nie een van die manskappe het aan iets geproe nie.

²⁵Die gebied was bosagtig en daar was veldheuning.

²⁶Toe die manskappe in die bos kom, het dit sommerso gedrup van die heuning en tog het niemand sy mond aan iets gesit nie, want die manskappe was bang vir die eed wat hulle opgelê is.

²⁷Jonatan het egter nie gehoor toe sy pa die leer die eed opgelê het nie. Hy het die punt van sy kiere in 'n heuningkoek gestee en daarvan geëet. Dit het hom nuwe krag gegee.

²⁸Een van die manskappe sê toe vir hom: “Jou pa het die manskappe 'n streng eed opgelê en gesê: ‘'n Ramp tref dié een wat vandag iets eet.’ Daarom is die manskappe nou uitgeput.”

²⁹Maar Jonatan sê: “My pa het 'n ramp oor die land gebring. Kyk net, ek het nuwe krag gekry omdat ek hierdie bietjie heuning geproe het.

³⁰As die manskappe vandag maar net ongehinderd kon geëet het van die buit wat van die vyand afgevat is, sou die slagting onder die Filistyne nou sommer baie groot gewees het.”

³¹Daardie dag het hulle die Filistyne verslaan van Mikmas af tot by Ajalon, maar toe was die manskappe heeltemal gedaan.

³²Hulle het op die buit toegesak en kleinvee, beeste en kalwers gevat en op die grond geslag en sommerso by die bloed geëet.

³³Daar is toe aan Saul gesê: “Die manskappe sondig teen die Here deur by die bloed te eet.” Toe sê hy: “Julle doen verkeerd. Rol dadelik 'n groot klip na my toe! ”

³⁴Verder het Saul gesê: “Loop tussen die manskappe deur en sê vir hulle: Elkeen moet sy bees of stuk kleinvee na my toe bring en op die klip slag en dan gaan eet, sodat hulle nie teen die Here sondig deur by die bloed te eet nie.” Daardie nag het al die manskappe elkeen self sy bees gebring en daar by Saul geslag.

³⁵Saul het 'n altaar vir die Here gebou: hy het die klip gebruik om 'n altaar vir die Here te bou.

³⁶Daarna het Saul gesê: “Laat ons die Filistyne vannag agtervolg. Laat ons hulle plunder tot môre ligdag. Ons moenie een van hulle laat oorbly nie.” Die manskappe sê toe: “Maak soos u goetvind.” Maar die priester antwoord: “Laat ons God hier raadpleeg! ”

³⁷Toe het Saul vir God gevra: “Moet ek die Filistyne agtervolg? Sal U hulle in Israel se mag oorgee? ” Maar God het hom nie toe geantwoord nie.

³⁸Saul sê toe vir al die offisiere: “Kom hiernatoe dat julle kan uitvind en self sien wie vandag gesondig het.

³⁹Al is dit ook my seun Jonatan moet hy sekerlik sterwe, so seker as wat die Here leef, Hy wat vir Israel red.” Maar geen enkele manskap het vir Saul geantwoord nie.

⁴⁰Toe sê hy vir die hele Israel: “Julle moet eenkant toe staan. Ek en my seun Jonatan sal anderkant toe staan.” En die manskappe sê vir Saul: “Maak soos u goetvind.”

⁴¹Saul het vir die Here gevra: “God van Israel, gee tog 'n beslissing.” Jonatan en Saul is aangewys, en die manskappe is van blaam onthef.

⁴²Toe sê Saul: “Julle moet loot tussen my en my seun Jonatan.” Jonatan is aangewys,

⁴³en Saul het vir hom gesê: “Vertel my tog wat jy gedoen het.” Jonatan het vir hom vertel. Hy het gesê: “Ek het net met die punt van my kiere 'n bietjie heuning geproe. Maar ek is bereid om te sterf.”

⁴⁴Saul sê toe: “Dit was 'n eed, Jonatan, jy moet beslis sterf!”

⁴⁵Maar die manskappe sê vir Saul: “Moet Jonatan wat hierdie groot uitkoms vir Israel bewerk het, sterf? Beslis nie! So seker as die Here leef, daar sal vandag geen haar van Jonatan se kop op die grond val nie, want met God se hulp het hy die Filistyne verslaan.” So het die manskappe vir Jonatan los gekry, en hy het nie gesterf nie.

⁴⁶Saul het die agtervolging van die Filistyne gestaak, en die Filistyne het na hulle gebied toe teruggegaan.

Opsomming van Saul se regering

⁴⁷Nadat Saul seker was van die koningskap oor Israel, het hy oorlog gemaak teen al sy vyande in die omgewing: teen Moab en die Ammoniete; teen Edom en die konings van Soba; teen die Filistyne en teen almal wat teen hom gedraai het en gerebelleer het.

⁴⁸Saul het dapper opgetree en die Amalekiete verslaan. Sodoende het hy Israel gered uit die mag van dié wat hom geplunder het.

⁴⁹Die seuns van Saul was Jonatan, Jiswi en Malkisua; die name van sy twee dogters was Merab, die oudste, en Mikal, die jongste.

⁵⁰Die naam van Saul se vrou was Aginoam dogter van Agimaäs, en die hoof van Saul se leer was Abner seun van Ner, 'n oom van Saul.

⁵¹Kis, Saul se pa, en Ner, Abner se pa, was seuns van Abiël.

⁵²Gedurende die hele bewind van Saul was daar gedurig oorlog teen die Filistyne, en Saul het elke sterk of dapper man van wie hy gehoor het, by hom laat aansluit.

1 Samuel 15

Saul as koning verwerp

¹Samuel het vir Saul gesê: “Dit is vir my wat die Here gestuur het om jou tot koning oor sy volk Israel te salf. Luister nou na die woorde van die Here.

²So het die Here die Almagtige gesê: Ek het nie vergeet wat Amalek Israel aangedoen het nie, hoe hy Israel teengestaan het toe hulle uit Egipte getrek het.

³Gaan verslaan nou vir Amalek. Jy moet alles wat hy het, om die lewe bring. Jy mag jou oor hom nie ontferm nie. Jy moet man en vrou doodmaak, kind en suigling, bees en skaap, kameel en donkie.”

⁴Saul het die manskappe opgeroep. Hy het hulle by Telaim getel: twee honderd afdelings voetsoldate en tien afdelings uit Juda.

⁵Saul het by die woonplek van die Amalekiete aangekom en sy manskappe laat stelling inneem by 'n spruit.

⁶Toe het Saul die Keniete laat weet: “Gee gou pad tussen die Amalekiete uit sodat ek julle nie saam met hulle uit die weg ruim nie, want julle het die Israeliete goed behandel toe hulle uit Egipte getrek het.” Die Keniete het toe tussen die Amalekiete uit padgegee.

⁷Saul het daarna die Amalekiete verslaan van Gawila af tot waar 'n mens kom by Sur teenoor Egipte.

⁸Hy het koning Agag van Amalek lewend gevang, maar die hele volk om die lewe gebring.

⁹Saul en die manskappe het Agag gespaar en ook die mooiste kleinvee en beeste, die vetstes, en die lammers en alles wat mooi was. Saul-hulle wou dit

alles nie om die lewe bring nie. Al die vee wat swak en waardeloos was, het hulle wel van kant gemaak.

¹⁰Toe het die woord van die Here tot Samuel gekom:

¹¹“Ek is bedroef daaroor dat Ek Saul koning gemaak het, want hy het van My af weggedraai en nie my opdragte uitgevoer nie.” Samuel was ontsteld en hy het die Here die hele nag om uitkoms gesmeek.

¹²Die oggend het Samuel hom vroeg klaargemaak om Saul te ontmoet. Iemand het vir Samuel vertel: “Saul het by Karmel gekom en nogal vir homself 'n gedenkteken opgerig. Daarna het hy omgedraai en is hy verby na Gilgal toe.”

¹³Samuel het toe by Saul gekom, en Saul het vir hom gesê: “Mag die Here u seën! Ek het die opdrag van die Here uitgevoer.”

¹⁴Samuel vra toe: “Wat vir 'n geblêr van kleinvee is daar dan in my ore? En wat van die gebulk van beeste wat ek hoor? ”

¹⁵“Hulle het dit van die Amalekiete af gebring,” antwoord Saul. “Dit is die goed wat deur die manskappe gespaar is, die mooiste kleinvee en grootvee om aan die Here u God te offer. Die res het ons van kant gemaak.”

¹⁶En Samuel sê vir Saul: “Bly stil! Laat ek jou vertel wat die Here vannag vir my gesê het.” Saul sê toe vir hom: “Praat maar.”

¹⁷Toe sê Samuel: “Al is jy klein in jou eie oë, is jy tog die hoof van die stamme van Israel. Die Here het jou gesalf tot koning oor Israel.

¹⁸Die Here het jou met 'n doel uitgestuur en Hy het jou beveel: ‘Trek op, bring die sondaars, die Amalekiete, om die lewe. Jy moet teen hulle veg totdat jy hulle uitgeroei het.’

¹⁹Waarom het jy nie na die bevel van die Here geluister nie? En waarom het jy jou aan die buit vergryp en hierdie ding gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here? ”

²⁰Saul antwoord toe vir Samuel: “Maar ek hét na die bevel van die Here geluister! Ek het gegaan om te doen waarvoor die Here my gestuur het, ek het

vir koning Agag van Amalek hierheen gebring, maar die Amalekiete het ek om die lewe gebring.

²¹Die manskappe het egter uit die buit kleinvee en beeste gevat, die beste van dié wat van kant gemaak moes word, om aan die Here u God in Gilgal te offer.”

²²Maar Samuel antwoord: “Is brandoffers en ander diereoffers net so aanneemlik vir die Here as gehoorsaamheid aan sy bevel? Nee, gehoorsaamheid is beter as offerande, om te luister is beter as die vet van ramme.

²³Weerspanningheid is net so erg as die sonde van waarsêery; eiesinnigheid net so erg as die bedrog van afgodery. Omdat jy die woord van die Here verwerp het, het Hy jou as koning verwerp.”

²⁴Saul sê toe vir Samuel: “Ek het gesondig, want ek het die bevel van die Here en u opdrag oortree omdat ek vir die manskappe bang was en na hulle versoek geluister het.

²⁵“Vergewe tog nou my sonde en kom saam met my sodat ek tot die Here kan bid.”

²⁶Maar Samuel sê vir Saul: “Ek sal nie saam met jou gaan nie, want jy het die woord van die Here verwerp en die Here het jou verwerp as koning oor Israel.”

²⁷Samuel het weggedraai om te loop, maar Saul het die punt van sy mantel gegryp, en dit het geskeur.

²⁸Toe sê Samuel vir hom: “Die Here het die koningskap van Israel nou van jou afgeskeur en dit gegee aan jou naaste wat beter is as jy.

²⁹Die Ewige van Israel lieg nie en Hy verander nie van gedagte nie, want Hy is nie 'n mens dat Hy van gedagte sou verander nie.”

³⁰“Ek het gesondig,” sê Saul toe. “Eer my tog net voor die leiers van die volk en voor Israel deur saam met my te kom sodat ek die Here u God kan aanbid.”

³¹Samuel het met Saul saamgegaan, en Saul het die Here aanbid.

³²Toe beveel Samuel: “Bring vir koning Agag van Amalek na my toe.” Agag het opgeruimd na hom toe geloop en gesê: “Nou is ek nie meer bang dat hulle my sal doodmaak nie.”

³³Samuel het vir hom gesê: “Soos jou swaard vrouens kinderloos gemaak het, so sal jou ma onder die vrouens kinderloos wees.” En Samuel het vir Agag in stukke gekap voor die Here in Gilgal.

³⁴Samuel het na Rama toe gegaan, terwyl Saul na sy huis toe in Gibeon gegaan het.

³⁵Tot die dag van sy dood het Samuel nie weer vir Saul gesien nie. Samuel het oor Saul getreur, en die Here was bedroef daaroor dat Hy vir Saul koning oor Israel gemaak het.

1 Samuel 16

Samuel salf 'n ander koning

¹Die Here het vir Samuel gesê: “Hoe lank gaan jy nog oor Saul treur nadat Ek hom as koning oor Israel verwerp het? Maak 'n horing vol olie en gaan na Betlehem toe! Ek stuur jou na Isai toe, want onder sy seuns sien Ek vir My 'n koning.”

²Samuel vra toe: “Hoe kan ek gaan? As Saul dit hoor, sal hy my doodmaak.” En die Here sê vir hom: “Neem 'n vers saam en sê: ‘Ek het gekom om vir die Here 'n offer te bring.’

³Nooi dan vir Isai na die offer toe. Ek sal jou meedeel wat jy moet doen. Salf vir My dié een wat Ek jou sal beveel.”

⁴Samuel het gedoen wat die Here gesê het. By sy aankoms in Betlehem het die leiers van die stad hom ontsteld tegemoet gekom en gesê: “Kom u in vrede?”

⁵En hy het gesê: “Ja. Ek het gekom om vir die Here 'n offer te bring. Reinig julle en kom saam met my na die offer toe.” Hyself het vir Isai en sy seuns gereinig en hulle na die offer toe genooi.

⁶Toe hulle inkom, het Samuel vir Eliab gesien en gedink: die gesalfde van die Here staan hier voor die Here.

⁷Maar Hy sê vir Samuel: “Moenie na sy voorkoms of sy buitengewone lengte kyk nie, want Ek het hom nie gekies nie. Die Here kyk nie na dieselfde dinge as die mens nie. Die mens kyk na die uiterlike, maar die Here na die innerlike.”

⁸Toe roep Isai vir Abinadab en laat hom voor Samuel verbygaan en hy dink: die Here het ook hierdie een nie gekies nie.

⁹Daarna het Isai vir Samma laat verbygaan, maar Samuel het gedink: die Here het ook hierdie een nie gekies nie.

¹⁰Nadat Isai sewe van sy seuns voor Samuel laat verbygaan het, sê Samuel vir Isai: “Die Here het nie een van hulle gekies nie.”

¹¹Daarop het Samuel vir Isai gevra: “Is dit al jou seuns dié? ” En hy het geantwoord: “Die jongste is nog oor, maar hy pas nou skape op.” Toe sê Samuel vir Isai: “Laat haal hom, want ons eet nie voordat hy hier is nie.”

¹²Isai het hom laat haal. Hy het 'n rooi gelaatskleur gehad, mooi oë en 'n goeie voorkoms. Toe sê die Here: “Staan op, salf hom, want dis hy.”

¹³Samuel het die horing met olie gevat en hom voor sy broers gesalf. Die Gees van die Here het van daardie dag af kragtig in Dawid gewerk. Daarna het Samuel klaargemaak en na Rama toe teruggegaan.

Dawid speel vir Saul op die lier

¹⁴Maar die Gees van die Here het van Saul gewyk, en 'n bose gees wat deur die Here gestuur is, het hom voortdurend ontstel.

¹⁵Die amptenare van Saul het vir hom gesê: “U word ontstel deur 'n boosaardige gees wat deur God gestuur is.

¹⁶Die koning moet maar net praat, dan soek ons iemand wat die lier kan speel. As die boosaardige gees u pla, kan die man speel, en u sal beter voel.”

¹⁷Saul sê toe vir sy amptenare: “Kyk maar vir my uit na 'n man wat goed kan speel en bring hom na my toe.”

¹⁸Een van die amptenare antwoord hom: “Ek het 'n seun van Isai die Betlehemmer hoor speel. Hy is 'n dapper man en 'n goeie vegter. Hy kan sy woord goed doen en het 'n goeie voorkoms. Die Here is by hom.”

¹⁹Saul het boodskappers na Isai toe gestuur met die versoek: “Stuur jou seun Dawid wat by die kleinvee is, na my toe.”

²⁰Isai het toe brood, 'n sak wyn en 'n klein bokkie gevat en dit op 'n donkie met sy seun Dawid na Saul toe gestuur.

²¹So het Dawid dan by Saul gekom en vir hom gewerk. Saul het baie van Dawid gehou, sodat hy Saul se wapendraer geword het.

²²Saul het ook na Isai toe gestuur en laat vra: “Laat Dawid tog vir my werk, ek hou van hom.”

²³Telkens wanneer die boosaardige gees in Saul was, het Dawid die lier gevat en daarop gespeel. Dan het Saul bedaar, en die boosaardige gees het van hom af padgegee.

1 Samuel 17

Goliat verkleineer Saul se leër

¹Die Filistyne het hulle krygsmag opgeroep. Hulle het bymekaargekom in Soko wat aan Juda behoort, en het kamp opgeslaan in Efes-Dammim tussen Soko en Aseka.

²Saul en die manskappe van Israel het bymekaargekom en kamp opgeslaan in die laagte by die groot boom en teenoor die Filistyne stelling ingeneem om te veg.

³Die Filistyne het teen die een rant gestaan, en die Israeliete teen die ander, met 'n smal vallei tussen hulle.

⁴Toe kom daar 'n baasvegter uit die laer van die Filistyne uit. Sy naam was Goliat en hy was afkomstig uit Gat. Hy was drie meter lank.

⁵Daar was 'n bronshelm op sy kop, en hy het 'n harnas met skubbe aangehad. Die gewig van die harnas was sewe en vyftig kilogram.

⁶Daar was bronsskerms voor sy bene en tussen sy wapens was daar 'n bronsswaard.

⁷Die steel van sy spies was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel, en die ysterlem daarvan was sewe kilogram. Sy skilddraer het voor hom uit geloop.

⁸Goliath het gaan staan en na die linies van Israel geroep. Hy het vir hulle gesê: “Waarom het julle uitgekom om gevegslinies op te stel? Is ek nie 'n Filistyn en julle almal Saul se slawe nie? Kies vir julle iemand om na my toe uit te kom.

⁹As hy teen my kan veg en my verslaan, sal ons julle slawe wees. As ek hom baasraak en verslaan, sal julle ons slawe wees en vir ons werk.”

¹⁰Verder het die Filistyn nog gesê: “Ek staan die linies van Israel al heeldag en verkleineer! Gee my tog iemand dat ons teen mekaar kan veg.”

¹¹Toe Saul en die hele Israel hoor wat die Filistyn sê, het hulle geskrik en baie bang geword.

¹²Dawid was die seun van 'n Efratiet, iemand uit Betlehem in Juda met die naam Isai. Hy het ag seuns gehad. In die tyd van Saul was hierdie man al oud en afgeleef.

¹³Die drie oudste seuns van Isai het Saul na die oorlog toe gevolg. Die name van die drie seuns wat gaan veg het, was Eliab die oudste, Abinadab die tweede, en Samma die derde.

¹⁴Dawid was die jongste. Die drie oudstes het pal met Saul saamgegaan,

¹⁵maar Dawid het om die beurt na Saul toe gegaan en dan weer sy pa se kleinvee in Betlehem gaan oppas.

¹⁶Die Filistyn het veertig dae lank vroeg in die môre en teen die aand nader gekom en regoor die Israëliete gaan staan.

¹⁷Isai het vir sy seun Dawid gesê: “Vat tog vir jou broers sestien kilogram gebraaide koring en tien brode en bring dit gou vir hulle in die kamp.

¹⁸Die tien kase moet jy na die aanvoerder van die afdeling toe vat. Dan moet jy sommer kyk of dit nog goed gaan met jou broers, en 'n bewys daarvan saambring.

¹⁹Saul en jou broers en die hele Israel is in die laagte by die groot boom aan die veg teen die Filistyne.”

²⁰Dawid het die môre vroeg opgestaan, die kleinvee aan die wagter afgegee, die goed opgetel en gegaan soos Isai hom beveel het. Net toe hy by die kamp aankom, het die leër wat na die gevegslinie toe uitgaan, die oorlogskreet aangehef.

²¹Israel en die Filistyne het naamlik in linies teenoor mekaar stelling ingeneem.

²²Dawid het die pak wat hy gedra het, onder die sorg gelaat van die man wat die goed oppas, en na die linies toe gehardloop. Toe hy daar aankom, vra hy sy broers hoe dit gaan,

²³en terwyl hy nog met hulle praat, kom die baasvegter Goliat die Filistyn uit Gat juis uit die linies van die Filistyne vorentoe en hy praat weer so. Dawid het dit gehoor.

²⁴Toe die Israeliete die man sien, het hulle almal vir hom gevlug en hulle was baie bang.

²⁵'n Israeliet sê toe: “Julle sien hierdie man wat vorentoe kom? Hy kom net om Israel te verkleineer. Die man wat hom verslaan — die koning sal daardie man baie ryk maak en sy dogter aan hom gee, en die man se familie sal in Israel van alle verpligtinge vrygestel wees.”

²⁶Dawid het vir die manskappe wat by hom staan, gevra: “Wat sal gebeur met die man wat die skande van Israel wegneem en die Filistyn daar anderkant verslaan? Wie is hierdie heiden, hierdie Filistyn, nogal dat hy die linies van die lewende God verkleineer? ”

²⁷Die manskappe het dieselfde vir hom gesê: “So sal gedoen word aan die man deur wie die Filistyn verslaan word.”

²⁸Dawid se oudste broer Eliab het gehoor wat hy met die manskappe praat en Eliab het hom vir Dawid vererg en gesê: “Waarom het jy hierheen gekom en aan wie het jy daardie klompie kleinvee in die droëveld afgegee? Ek ken jou vermetelheid en kwaadwilligheid. Het jy net hierheen gekom om na die geveg te kyk? ”

²⁹Toe sê Dawid: “Wat het ek nou gedoen? Is dit dan nie 'n belangrike saak nie? ”

³⁰Dawid het van hom af weggedraai na 'n ander een toe en dieselfde gevra, en die manskap het geantwoord soos die eerste.

Dawid verslaan die Filistyn

³¹Die woorde wat Dawid gesê het, het rugbaar geword. Die manskappe het dit vir Saul vertel, en hy het hom laat haal.

³²“'n Mens moenie oor hóm moedeloos word nie,” sê Dawid toe vir Saul. “Ek sal gaan en teen hierdie Filistyn veg.”

³³Maar Saul sê vir Dawid: “Jy kan nie teen hierdie Filistyn gaan veg nie, want jy is jonk en hy 'n vegter van kindsbeen af.”

³⁴Toe sê Dawid vir Saul: “As ek die kleinvee vir my pa oppas, en daar kom 'n leeu of 'n beer en dra 'n lam weg uit die kudde,

³⁵gaan ek agter hom aan en slaan hom dood en red die lam uit sy bek; as hy op my afstorm, gryp ek hom aan sy baard en slaan hom dood.

³⁶Ek het die leeu en ook die beer doodgeslaan, en hierdie heiden, hierdie Filistyn, sal soos hulle word, want hy het die linies van die lewende God verkleineer.”

³⁷Verder het Dawid gesê: “Die Here, wat my gered het uit die kloue van die leeu en uit die kloue van die beer, Hý sal my red uit die mag van hierdie Filistyn.” Toe sê Saul vir Dawid: “Gaan, en mag die Here by jou wees.”

³⁸Saul het sy eie uitrusting vir Dawid laat aantrek: hy het 'n bronshelm op sy kop gesit en hom 'n harnas laat aantrek,

³⁹En Dawid het Saul se swaard bo-oor sy uitrusting vasgegord. Maar hy kon nie loop nie, want hy was dit nie gewoond nie. Dawid sê toe vir Saul: “Ek kan nie hiermee loop nie, want ek is dit nie gewoond nie.” En Dawid het dit uitgetrek.

⁴⁰Hy het sy kiere in sy hand gevat, vyf gladde klippies in die spruit uitgesoek en dit by sy skaapwagtersgoed in sy slingersak gesit. En met sy slingervel in die hand het hy op die Filistyn af geloop.

⁴¹Die Filistyn het al hoe nader gekom na Dawid toe, terwyl sy skilddraer voor hom was.

⁴²Toe hy vir Dawid sien, het die Filistyn hom met minagting aangekyk omdat hy jonk was, met 'n rooi gelaatskleur en 'n mooi voorkoms.

⁴³Die Filistyn het vir Dawid gesê: “Is ek 'n hond dat jy met kieres na my toe kom? ” Hy het Dawid toe in die naam van die Filistynse gode vervloek.

⁴⁴Verder het die Filistyn vir Dawid gesê: “Kom 'n bietjie hier dat ek jou vleis vir die roofvoëls en vir die wilde diere kan gee.”

⁴⁵Maar Dawid sê vir die Filistyn: “Jý kom na my toe met 'n dolk en 'n spies en 'n swaard, maar ék kom na jou toe in die Naam van die Here die Almagtige, die God van die linies van Israel, wat jy verkleineer het.

⁴⁶Vandag sal die Here jou in my mag oorgee sodat ek jou kan verslaan en jou kop van jou lyf afkap. Dan sal ek vandag nog die lyke van die Filistynse laer vir die roofvoëls en vir die wilde diere gee, sodat die hele wêreld kan besef dat Israel 'n God het.

⁴⁷Dan sal hierdie hele skare besef dat die Here nie deur swaard of spies verlos nie, maar dat die oorlog aan die Here behoort en dat Hy julle in ons mag oorgee.”

⁴⁸Toe die Filistyn regmaak en nader kom om Dawid te ontmoet, het Dawid die Filistyn vinnig op die vegterrein tegemoet gehardloop.

⁴⁹Toe steek Dawid sy hand in die sak, vat 'n klip daaruit, gooi met die slingervel, en tref die Filistyn teen die voorkop. Die klip het in sy voorkop ingedring, en hy het vooroor geval op die grond.

⁵⁰Met die slingervel en klip was Dawid sterker as die Filistyn en het hy hom verslaan en doodgemaak. Dawid het nie eens 'n swaard by hom gehad nie!

⁵¹Toe het Dawid gehardloop, by die Filistyn gaan staan, sy swaard gevat, dit uit die skede getrek en hom van kant gemaak: hy het sy kop daarmee afgekap. Die Filistyne het gesien dat hulle held dood is, en het gevlug.

⁵²Die manskappe van Israel en Juda het opgestaan, die aanvalskreet uitgeskreeu en die Filistyne agtervolg tot by die ingang van Gat en die poorte van Ekron, sodat die gesneuweldes van die Filistyne op die pad van Saärajim af tot by Gat en Ekron gelê het.

⁵³Daarna het die Israeliete teruggekom van die strawwe agtervolging van die Filistyne af en hulle kamp geplunder.

⁵⁴Dawid het die kop van die Filistyn gevat en dit na Jerusalem toe gebring, maar die Filistyn se wapens het hy in sy eie tent gaan sit.

⁵⁵Toe Saul vir Dawid sien uitgaan om die Filistyn te ontmoet, het hy vir Abner die hoof van die leër gevra: “Abner, wie se kind is dié jong man tog? ” Abner het geantwoord: “So seker as u leef, U Majesteit, ek weet nie.”

⁵⁶Die koning sê toe: “Vra jy tog wie se kind die jong man is.”

⁵⁷Toe Dawid terugkom nadat hy die Filistyn verslaan het, het Abner hom gevat en voor Saul gebring met die kop van die Filistyn nog in sy hand.

⁵⁸Saul het vir hom gevra: “Seun, wie se kind is jy? ” “Die kind van u onderdaan Isai, uit Betlehem,” het Dawid geantwoord.

1 Samuel 18

Dawid bly by Saul

¹Nadat Dawid klaar met Saul gepraat het, het Jonatan baie geheg geraak aan Dawid en hom liefgekry soos homself.

²Dieselfde dag nog het Saul vir Dawid saamgevat huis toe en hom nie toegelaat om na sy pa se huis toe terug te gaan nie.

³Jonatan en Dawid het 'n verbond gesluit omdat Jonatan hom liefgekry het soos homself.

⁴Jonatan het die mantel wat hy aangehad het, uitgetrek en dit vir Dawid gegee, ook sy uitrusting, sy swaard, sy boog en sy gordel.

⁵Dawid het toe opgetrek teen elkeen teen wie Saul hom uitgestuur het. Hy was suksesvol, en Saul het hom oor die soldate aangestel. Die hele volk en Saul se amptenare het dit goedgevind.

Saul wantrou vir Dawid

⁶Toe Dawid teruggekom het nadat hy die Filistyn verslaan het en Saul-hulle op pad was huis toe, het die vroue van al die dorpe van Israel uitgegaan om te sing, en die danseresse het koning Saul tegemoet gegaan met tamboeryne en driesnarige musiekinstrumente en met gejubel.

⁷Die vroue het gedans en gesing: “Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende! ”

⁸Daaroor het Saul hom vererg. Dit het hom nie geval nie en hy het gesê: “Aan Dawid het hulle tienduisende gegee en aan my duisende. Die koningskap sal ook nog syne word! ”

⁹Van toe af het Saul vir Dawid gewantrou.

¹⁰Die volgende dag het 'n boosaardige gees wat deur God gestuur is, vir Saul beetgepak, sodat hy in sy huis te kere gegaan het soos 'n waansinnige. Soos gewoonlik het Dawid op die lier gespeel. In die hand van Saul was daar 'n spies.

¹¹Toe lig Saul die spies op en dink: ek gaan vir Dawid teen die muur vaspen. Maar Dawid het weggekoes, selfs twee maal.

¹²Saul het bang geword vir Dawid omdat die Here by hom was, maar die Here het vir Saul verlaat.

¹³Saul het daarna nie meer vir Dawid by hom laat bly nie en hom aangestel as hoof van 'n leërafdeling. Hy het in die oorlog as aanvoerder van die manskappe opgetree

¹⁴en in alles sukses behaal omdat die Here by hom was.

¹⁵Saul het opgemerk dat Dawid baie suksesvol was, en Saul was bang vir hom.

¹⁶Maar die hele Israel en Juda was lief vir Dawid, en hy het in die oorlog as hulle aanvoerder opgetree.

Dawid word Saul se skoonseun

¹⁷Later het Saul vir Dawid gesê: “Hier is my oudste dogter Merab. Ek gee haar aan jou as vrou. Jy moet net vir my 'n dapper man wees en die oorloë van die Here voer.” Saul het naamlik gedink: ek moenie teen hom wees nie. Laat die Filistyne teen hom wees.

¹⁸Dawid sê toe vir Saul: “Wie is ek en wie is my broers en my familie in Israel dat ek die koning se skoonseun mag word? ”

¹⁹Maar teen die tyd dat Saul se dogter Merab aan Dawid gegee moes word, is sy aan Adriël die Megolatiet as vrou gegee.

²⁰Saul se ander dogter, Mikal, was verlief op Dawid, en toe dit aan Saul vertel is, was hy in sy skik daarmee.

²¹Saul het naamlik gedink: ek sal haar aan hom gee dat sy vir hom 'n vangstrik word en die Filistyne teen hom kan wees. So het Saul dan twee keer vir Dawid gesê: “Jy kan vandag my skoonseun word.”

²²Saul het sy amptenare beveel: “Sê so ongemerk vir Dawid: Jy weet, die koning hou van jou en al sy amptenare is lief vir jou. Word nou maar die koning se skoonseun.”

²³Saul se amptenare het hierdie boodskap vir Dawid in die oor gefluister en Dawid het gesê: “Dink julle dis 'n kleinigheid om die koning se skoonseun te word? Ek is maar 'n arm man sonder aansien.”

²⁴Saul se amptenare het hom meegedeel wat Dawid gesê het.

²⁵Maar Saul het gesê: “So moet julle vir Dawid sê: Die koning wil niks anders as honderd voorhuide van die Filistyne as huweliksvergoeding hê nie, om so wraak te neem teen sy vyande.” Saul se gedagte was om Dawid deur die Filistyne te laat omkom.

²⁶Saul se amptenare het hierdie woorde aan Dawid meegedeel, en Dawid het ingestem om die koning se skoonseun te word. Dawid het nie tyd verspeel nie,

²⁷maar klaargemaak, en hy en sy manskappe het twee honderd Filistyne gaan doodmaak. Dawid het hulle voorhuide gebring, en dié is almal aan die koning oorhandig sodat Dawid die koning se skoonseun kon word. Saul het sy dogter Mikal aan hom gegee as vrou.

²⁸Dit het vir Saul duidelik geword dat die Here by Dawid is. Boonop het Saul se dogter Mikal vir Dawid liefgehad.

²⁹Toe het Saul nog banger geword vir Dawid, Saul was vir goed vyandig teenoor hom.

³⁰Die regeerders van die Filistyne het herhaaldelik opgetrek om oorlog te maak, maar elke keer as hulle optrek, het Dawid meer sukses gehad as die offisiere van Saul, sodat hy groot aansien verkry het.

1 Samuel 19

Jonatan pleit by Saul vir Dawid

¹Saul het naderhand selfs met sy seun Jonatan en met al sy offisiere gepraat om Dawid dood te maak. Maar Saul se seun Jonatan het baie van Dawid gehou.

²Toe het Jonatan vir Dawid vertel: “My pa wil jou doodmaak. Jy moet tog môreoggend versigtig wees. Gaan sit op 'n beskutte plek en kruip weg.

³Dan sal ek in die veld waar jy is, langs my pa gaan staan en met hom oor jou praat. As ek agterkom hoe dit gesteld is, sal ek jou dit vertel.”

⁴Jonatan het toe vir Dawid voorspraak gedoen by Saul en vir hom gesê: “Die koning moet hom tog nie aan sy onderdaan Dawid besondig nie, want hy het u geen kwaad aangedoen nie, sy daad was baie voordelig vir u.

⁵Hy het sy lewe gewaag en die Filistyn verslaan dié keer toe die Here die groot uitkoms vir die hele Israel bewerk het. U het dit gesien en u was self bly. Waarom sal u sonde doen oor 'n onskuldige man en vir Dawid sonder rede doodmaak? ”

⁶Saul het na Jonatan geluister en 'n eed afgelê: “So seker as die Here leef, hy sal nie doodgemaak word nie.”

⁷Hierná het Jonatan vir Dawid gaan roep, en Jonatan het hom die hele gesprek meegedeel. Jonatan het vir Dawid na Saul toe gebring, en Dawid het vir Saul gedien soos voorheen.

⁸Daar het weer 'n keer oorlog gekom, en Dawid het opgetrek om teen die Filistyne te veg. Hy het hulle in 'n bloedige veldslag verslaan, en hulle het voor hom gevlug.

Mikal bedrieg vir Saul en red Dawid se lewe

⁹Saul het in sy huis gesit met sy spies in sy hand, en Dawid het op die lier gespeel. Toe 'n boosaardige gees wat deur die Here gestuur is, oor Saul kom,

¹⁰het hy geprobeer om Dawid teen die muur vas te pen met die spies. Maar Dawid het weggekoes, en Saul het die spies teen die muur vasgegooi. Dawid het gevlug en daardie nag ontsnap.

¹¹Toe stuur Saul mense na Dawid se huis toe om hom dop te hou en hom in die môre dood te maak. Maar sy vrou Mikal het hom gewaarsku: “As jy nie vannag vlug nie, word jy môre doodgemaak.”

¹²Mikal het Dawid toe deur die venster laat afsak. Hy het weggegaan, gevlug en ontsnap.

¹³Maar Mikal het die afgodsbeeld gevat en op die bed neergesit. Sy het 'n bokhaarnet om die beeld se kop gedraai en dit met 'n kombers toegemaak.

¹⁴Toe Saul se mense daar kom om vir Dawid te vang, sê sy: “Hy is siek.”

¹⁵Daarna het Saul sy manne gestuur om na Dawid te gaan kyk en beveel: “Bring hom na my toe met bed en al dat ek hom kan laat doodmaak.”

¹⁶Die manne het ingekom, en toe lê die afgodsbeeld op die bed, met die bokhaarnet aan die koppenent.

¹⁷Saul sê toe vir Mikal: “Waarom het jy my so bedrieg en my vyand vrygelaat om te ontsnap? ” Maar Mikal het vir Saul geantwoord: “Hy het vir my gesê: Laat my gaan, anders maak ek jou dood.”

Saul weer tussen die profete

¹⁸Ondertussen het Dawid gevlug en ontsnap en by Samuel in Rama gekom en hom alles vertel wat Saul hom aangedoen het. Hy en Samuel het in die woonkwartiere van die profete gaan woon.

¹⁹Daarna is aan Saul berig: “Weet u, Dawid is in die profetekwartiere in Rama.”

²⁰Daarop stuur Saul boodskappers om Dawid gevange te neem. Toe hulle die groep profete sien wat besig was om as profete op te tree onderwyl Samuel hulle voorgaan, het die Gees van God oor die boodskappers van Saul gekom, en hulle het self ook begin om as profete op te tree.

²¹Dit is aan Saul vertel, en hy het ander boodskappers gestuur. Ook hulle het self begin om as profete op te tree. Hy het 'n derde groep boodskappers gestuur, en hulle het óók begin om as profete op te tree.

²²Daarop het hy self na Rama toe gegaan en toe hy by die groot opgaardam in Seku kom, vra hy: “Waar is Samuel en Dawid? ” Iemand het geantwoord: “Daar in die profetekwartiere in Rama.”

²³Hy het na die profetekwartiere toe gegaan in Rama, en die Gees van God het ook oor hom gekom en hy het so in die loop begin om as profeet op te tree totdat hy by die kwartiere in Rama gekom het.

²⁴Ook hý het sy klere uitgetrek en self as profeet opgetree in die teenwoordigheid van Samuel. Daardie hele dag en nag het Saul sonder klere op die grond gelê, sodat die mense gevra het: “Is Saul ook onder die profete? ”

1 Samuel 20

Jonatan pleit nog 'n keer vir Dawid by Saul

¹Daarna het Dawid uit die profetekwartiere in Rama padgegee en by Jonatan gekom en vir hom gevra: “Wat het ek gedoen? Wat is my oortreding of wat het ek verkeerd gedoen teenoor jou pa dat hy my lewe soek? ”

²Jonatan het hom geantwoord: “Nee, wag. Jy sal nie sterwe nie. Jy weet goed my pa doen niks, groot of klein, sonder om dit vertroulik vir my te vertel nie. Waarom sou my pa dan hierdie ding vir my wegsteek? Dit is nie soos jy dink nie.”

³Dawid het toe vir Jonatan met 'n eed verseker: “Jou pa weet baie goed dat jy van my hou en hy het gedink: Jonatan mag dit nie weet nie sodat hy nie sleg voel nie. Maar so seker as die Here leef en so seker as jy leef, daar is maar net een tree tussen my en die dood.”

⁴En Jonatan sê vir Dawid: “Ek sal vir jou doen net wat jy wil hê.”

⁵Dawid sê toe vir Jonatan: “Môre is dit nuwemaan, en ek móét saam met die koning aansit om te eet. Maar laat my gaan dat ek in die veld kan wegkruip tot die derde aand.

⁶As jou pa uitdruklik na my vra, moet jy sê: ‘Dawid het my dringend verlof gevra om gou na sy stad Betlehem toe te gaan, want die hele familie se jaarlikse offer vind daar plaas.’

⁷As hy sou sê: ‘Goed!’ dan is ek veilig, maar as hy baie kwaad word, weet dan beslis dat hy klaar besluit het om my dood te maak.

⁸Jy het my met 'n verbond van die Here aan jou verbind. Toon jou trou aan my, en as ek skuldig is, maak jý my dan dood. Waarom moet jy my nog na jou pa toe bring? ”

⁹Toe antwoord Jonatan: “Nee, as ek seker weet dat my pa klaar besluit het om jou dood te maak, sal ek jou dit beslis laat weet.”

¹⁰Dawid sê toe vir Jonatan: “Wie sal vir my kom sê of jou pa jou 'n harde antwoord gegee het? ”

¹¹Jonatan het daarna vir Dawid gesê: “Kom ons gaan uit veld toe.” Hulle twee het veld toe gegaan,

¹²en Jonatan het vir Dawid gesê: “So seker as die Here die God van Israel leef, ek sal my pa môre of oormôre pols. Hy sal gunstig gestem wees teenoor jou. So nie, sal ek na jou toe stuur en dit in die geheim aan jou bekend maak.

¹³Mag die Here my om die lewe bring as my pa besluit het om jou dood te maak en ek jou dit nie in die oor fluister nie en jou nie kans gee om veilig weg te kom nie. Mag die Here by jou wees soos Hy by my pa was.

¹⁴En as ek dan nog lewe, moet jy die trou van die Here aan my betoon, sodat ek nie sterwe nie,

¹⁵en jy moet jou trou nooit aan my familie onttrek nie. Selfs wanneer die Here die vyande van Dawid een vir een van die aarde af wegvee,

¹⁶mag Jonatan nie deur die familie van Dawid uitgeroei word nie, want dan sal die Here dit vergeld deur Dawid se vyande.”

¹⁷Jonatan het Dawid dit met 'n eed vir hom laat belowe vanweë sy liefde vir hom, want hy het hom liefgehad soos homself.

¹⁸Jonatan het ook nog vir hom gesê: “Môre is nuwemaan, en jy sal gemis word omdat jou leë sitplek opgemerk sal word.

¹⁹Op die derde dag moet jy beslis na die plek toe kom waar jy die vorige keer op die werkdag weggekruip het. Jy moet langs die hoop klippe gaan sit.

²⁰Ek sal drie pyle aan die kant daarvan verby skiet, asof ek na 'n teiken skiet.

²¹Dan sal ek my slaaf stuur: ‘Gaan soek die pyle.’ As ek uitdruklik vir hom sê: ‘Kyk, die pyle is duskant jou; tel hulle op en kom!’ is jy veilig en so seker as die Here leef, daar is dan geen gevaar nie.

²²Maar as ek vir hom sê: ‘Kyk, die pyle is anderkant jou!’ moet jy weggaan. Dan stuur die Here jou weg.

²³En wat die saak betref waaroor ek en jy gepraat het: onthou, die Here is vir altyd getuie daarvan.”

²⁴Dawid het toe in die veld weggekrui. Met nuwemaan het die koning by die maaltyd aangesit,

²⁵en hy het soos gewoonlik op sy plek teen die muur gaan sit. Jonatan het regoor hom gesit en Abner langs Saul. Dawid se leë plek is opgemerk,

²⁶maar op daardie dag het Saul niks gesê nie, want hy het gedink: daar moes iets gebeur het, en hy is dalk nie rein nie, hy mag dalk nie aan tafel kom nie.

²⁷Die volgende dag van die nuwemaan, die tweede dag, is Dawid se leë plek weer opgemerk. Saul vra toe vir sy seun Jonatan: “Waarom het die seun van Isai gister en vandag nie na die maaltyd toe gekom nie? ”

²⁸Maar Jonatan het vir Saul geantwoord: “Dawid het my dringend verlof gevra om na Betlehem toe te gaan.

²⁹Hy het gesê: ‘Laat my tog gaan, want ons het 'n familie-offer in die stad. My broer self het my laat roep. As u dit goedvind, laat my dan tog gaan sodat ek my broers kan gaan besoek.’ Daarom het hy nie aan die koning se tafel verskyn nie.”

³⁰Toe het Saul hom bloedig vererg vir Jonatan en gesê: “Jou rebelse ellendeling! Jy verkies mos die seun van Isai tot jou eie skande en tot skande van jou ma wat jou in die wêreld gebring het.

³¹Solank die seun van Isai op hierdie aarde leef, sal daar nie plek wees vir jou en jou koningskap nie. Stuur en bring hom na my toe, hy moet dood! ”

³²Daarop het Jonatan sy pa geantwoord en gevra: “Waarom moet hy doodgemaak word? Wat het hy gedoen? ”

³³Toe Saul die spies na Jonatan mik om hom dood te maak, het Jonatan geweet sy pa is vasbeslote om vir Dawid om die lewe te bring.

³⁴Woedend het Jonatan van die tafel af opgestaan en op die tweede dag van die nuwemaan niks geëet nie omdat hy bekommerd was oor Dawid en omdat Saul vir Dawid so sleg behandel.

³⁵In die môre het Jonatan volgens sy afspraak met Dawid uitgegaan na die veld toe, en daar was 'n jong slaaf by hom.

³⁶Hy het vir sy slaaf gesê: “Hardloop, gaan haal die pyl wat ek afskiet.” Die slaaf het gehardloop en Jonatan het die pyl by hom verby geskiet.

³⁷Toe die slaaf by die plek kom waarheen Jonatan die pyl geskiet het, het Jonatan agter hom aan geroep en gesê: “Die pyl lê verder.”

³⁸Jonatan het weer agter hom aan geroep: “Maak gou! Vinnig! Moenie tyd mors nie! ” Die slaaf het toe die pyl opgetel en na Jonatan toe gekom.

³⁹Hy het van niks geweet nie. Net Jonatan en Dawid het daarvan geweet.

⁴⁰Jonatan het sy wapens aan die slaaf wat by hom was, gegee en vir hom gesê: “Loop! Vat dit stad toe.”

⁴¹Toe die slaaf weg was, het Dawid opgestaan langs die kliphoop en op sy knieë geval en drie maal vooroor gebuig. Hulle het mekaar gesoen en saam gehuil totdat Dawid baie ontroerd geword het.

⁴²Jonatan het vir Dawid gesê: “Gaan in vrede omdat ons twee in die Naam van die Here trou gesweer het en gesê het: Die Here is vir altyd daarvan getuie tussen ons en tussen ons twee se nageslagte.”

⁴³Dawid het toe klaargemaak en weggegaan, maar Jonatan is terug stad toe.

1 Samuel 21

Dawid kom in Nob by Agimelek

¹Dawid het in Nob by die priester Agimelek gekom. Agimelek het Dawid ontsteld tegemoet gegaan en gevra: “Waarom is u alleen? Waarom is daar niemand by u nie? ”

²Dawid het vir die priester Agimelek gesê: “Die koning het my 'n opdrag gegee en gesê: ‘Niemand mag iets weet van die saak waarvoor ek jou stuur en wat ek jou beveel nie.’ Ek het my manskappe op 'n sekere plek bestel.

³Maar nou iets anders: wat het u byderhand? Gee my tog vyf brode of net wat u beskikbaar het.”

⁴Die priester het Dawid geantwoord: “Ek het nie gewone brood byderhand nie, hier is net gewyde brood. As die manskappe hulle tog maar van vrouens weerhou het.”

⁵Toe sê Dawid vir die priester: “Soos altyd wanneer ek gaan oorlog maak, is vrouens vir ons verbode en daarom is die liggame van die manskappe rein. Al is dit ook 'n gewone onderneming, is die liggame vandag tog rein.”

⁶Die priester het toe aan hom gewyde brood gegee, want daar was nie gewone brood nie, net die offerbrood wat op 'n bepaalde tyd uit die tempel verwyder word om dit deur vars brood te vervang.

⁷Een van Saul se slawe moes daardie dag in die tempel deurbring. Sy naam was Doëg. Hy was 'n Edomiet, die hoof van Saul se veewagters.

⁸Dawid het ook vir Agimelek gesê: “Is hier nie miskien 'n spies of 'n swaard byderhand nie? Ek kon selfs nie eens my swaard of my ander wapens vat nie, want die saak van die koning was dringend.”

⁹Die priester het hom geantwoord: “Die swaard van Goliat die Filistyn, vir wie u in die dal by die groot boom verslaan het, is hier, toegedraai in 'n mantel agter die skouerkleed. Vat dit vir u as u wil, want in hierdie plek is daar niks behalwe hierdie een nie.” En Dawid sê: “Daar is nie nog so een nie. Gee dit vir my.”

Dawid vlug na Akis toe

¹⁰Hierná het Dawid klaargemaak en dieselfde dag nog van Saul af weggevlug na koning Akis van Gat toe.

¹¹Akis se amptenare het vir hom gesê: “Is dit nie Dawid, die koning van die land nie? Sing hulle nie vir hom in koordanse nie: “Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende! ”

¹²Toe Dawid besef wat hulle sê, het hy baie bang geword vir koning Akis van Gat.

¹³Daarom het Dawid hom voor die Filistyne waansinnig gehou, en terwyl hy by hulle was, het hy hom soos 'n mal mens gedra. Hy het teen die deure van die poort gekrap en sy spoeg in sy baard laat afloop.

¹⁴Akis het vir sy amptenare gesê: “Julle kan mos sien die man is mal. Waarom bring julle hom na my toe?

¹⁵Het ek behoefte aan mal mense dat julle hierdie een na my toe bring om by my mal te wees? Moet hý in my huis inkom? ”

1 Samuel 22

Dawid skuil in Moab

¹Dawid het daarvandaan weggegaan en ontsnap na die Adullamgrot toe. Sy broers en sy hele familie het dit gehoor en daarheen gegaan na hom toe.

²Verder het elkeen wat in die moeilikheid was, en elkeen wat 'n skuldeiser gehad het, en elkeen wat verbitterd was, by hom aangesluit, en hy het hulle leier geword. Daar was ongeveer vier honderd man by hom.

³Daarvandaan het Dawid na Mispé in Moab toe gegaan en vir die koning van Moab gevra: “Laat my ouers tog uitkom na u toe totdat ek weet wat God aan my sal doen.”

⁴Dawid het hulle toe in die sorg van die koning van Moab gelaat. Hulle het by hom gebly so lank as Dawid in die bergskuiling was.

⁵Maar die profeet Gad het vir Dawid gesê: “Jy mag nie in die skuiling bly nie. Trek weg en gaan na Juda toe.” Dawid het toe na die Geretbos toe gegaan.

Saul laat die priesters van Nob doodmaak

⁶Terwyl Saul in Gibeá op 'n hoogte onder 'n tamarisk gesit het met sy spies in sy hand, en al sy amptenare by hom gestaan het, het hy verneem dat die mense weet waar Dawid en sy manne is.

⁷Saul het vir sy amptenare wat by hom staan, gesê: “Luister tog, Benjaminiete! Sal die seun van Isai miskien ook vir julle almal velde en wingerde gee en julle almal aanstel as leiers van duisende en leiers van honderde?

⁸Julle almal het saamgesweer teen my. Niemand het my vertel dat my seun 'n verbond met die seun van Isai gesluit het nie; niemand van julle het medelye met my nie; niemand het my vertel dat my seun 'n amptenaar van my teen my opmaak, sodat hy vandag vir my 'n bedreiging is nie.”

⁹Doëg die Edomiet het tussen die amptenare van Saul gestaan en hy het gesê: “Ek het die seun van Isai gesien toe hy in Nob by Agimelek seun van Agitub gekom het.

¹⁰Agimelek het die Here vir Dawid geraadpleeg en vir hom padkos gegee. Agimelek het ook die swaard van die Filistyn Goliath vir hom gegee.”

¹¹Daarop het die koning gestuur om die priester Agimelek, seun van Agitub, en sy hele familie, die priesters in Nob, te ontbied, en hulle het almal na die koning toe gekom.

¹²Saul het toe gesê: “Luister, seun van Agitub.” En hy het geantwoord: “Ek luister, U Majesteit.”

¹³En Saul het vir hom gevra: “Waarom het jy en die seun van Isai teen my saamgesweer toe jy vir hom brood en 'n swaard gegee en God vir hom geraadpleeg het, sodat hy teen my in opstand kon kom en vandag vir my 'n bedreiging is? ”

¹⁴Agimelek het die koning geantwoord: “Maar wie van al u amptenare is so betroubaar soos Dawid, die skoonseun van die koning? Hy is die hoof van u lyfwag en geniet hoë aansien in u huis.

¹⁵Dit is in elk geval nie die eerste keer dat ek God vir hom geraadpleeg het nie. Die koning moet my en my hele familie nie van iets beskuldig nie, want ek het beslis niks van die hele saak af geweet nie.”

¹⁶Maar die koning het gesê: “Agimelek, jy moet sterwe, jy en jou hele familie.”

¹⁷Toe beveel die koning die hardlopers wat by hom staan: “Pak hulle en maak dood die priesters van die Here, want hulle is aan Dawid se kant. Hulle het baie goed geweet dat hy vlug en hulle het my dit nie vertel nie.” Maar die

amptenare van die koning wou nie 'n vinger verroer om die priesters van die Here aan te val nie.

¹⁸Toe sê die koning vir Doëg: “Spring onder hulle in en val die priesters aan.” Doëg die Edomiet het onder hulle ingespring, die priesters aangeval en daardie dag vyf en tagtig man wat die linneskouerkleed dra, doodgemaak.

Abjatar vlug na Dawid toe

¹⁹Nob, die dorp van die priesters, is met die swaard uitgewis: man en vrou, kind en suigling, bees en donkie en kleinvee.

²⁰Maar een seun van Agimelek seun van Agitub het ontkom. Sy naam was Abjatar en hy het agter Dawid aan gevlug.

²¹Abjatar het aan Dawid vertel dat Saul die priesters van die Here doodgemaak het.

²²Dawid het vir Abjatar gesê: “Ek het daardie dag toe Doëg die Edomiet daar was, geweet dat hy beslis alles vir Saul sou vertel. Ek het die lewe van jou hele familie in gevaar gestel.

²³Bly by my en moenie bang wees nie, want hy wat my lewe soek, soek ook jou lewe. Maar jy is veilig by my.”

1 Samuel 23

Dawid bevry Keïla

¹Op 'n keer is aan Dawid vertel: “Die Filistyne veg teen Keïla en plunder die dorsvloere.”

²Dawid het die Here geraadpleeg: “Sal ek optrek en hierdie klomp Filistyne verslaan? ” Die Here het vir Dawid geantwoord: “Trek op en verslaan die Filistyne en bevry Keïla.”

³Maar die manne van Dawid sê: “O nee, ons verkeer hier in Juda alreeds in gevaar, hoeveel te meer as ons na die skanse van die Filistyne toe gaan by Keïla? ”

⁴Dawid het weer die Here geraadpleeg, en die Here het geantwoord: “Maak klaar, trek op na Keïla toe, want Ek lewer die Filistyne aan jou oor.”

⁵Dawid en sy manne het toe opgetrek na Keïla toe en teen die Filistyne oorlog gemaak. Hy het hulle vee as buit saamgevat nadat hy hulle in 'n groot veldslag verslaan het. So het Dawid die inwoners van Keïla bevry.

Abjatar raadpleeg die Here vir Dawid

⁶Toe Abjatar seun van Agimelek na Dawid toe in Keïla gevlug het, het hy die skouerkleed saamgevat.

⁷Daar is toe aan Saul berig dat Dawid in Keïla gekom het, en hy het gesê: “God het Hom aan Dawid onttrek. Hy is nou in my hand, want deur in 'n stad met grendeldeure in te gaan, het hy homself toegesluit.”

⁸Saul het al die manskappe opgekommandeer vir die oorlog, om op te trek na Keïla toe en Dawid en sy manne te beleër.

⁹Maar Dawid het te wete gekom dat Saul hom wil aanval en hy het vir die priester Abjatar gesê: “Bring die skouerkleed hier.”

¹⁰Dawid het gesê: “Here, God van Israel, ek is u dienaar. Ek het verneem dat Saul na Keïla toe wil kom om die stad te verwoes omdat ek hier is.

¹¹Sal die regeerders van Keïla my aan hom uitlewer? Sal Saul optrek soos ek verneem het? Here, God van Israel, lig my tog in.” En die Here antwoord: “Ja, hy sal optrek.”

¹²Toe vra Dawid: “Sal die regeerders van Keïla my en my manne aan Saul uitlewer? ” Die Here het hom geantwoord: “Ja.”

¹³Dawid en sy manne, ongeveer ses honderd man, het klaargemaak, uit Keïla uitgegaan en heen en weer rondgetrek. Daar is ook aan Saul vertel dat Dawid uit Keïla ontsnap het en Saul het sy agtervolging gestaak.

¹⁴Daarna het Dawid in die woestyn in bergskuilings gaan woon. Hy het in die berge in die Sifwoestyn gewoon. Saul het hom die hele tyd gesoek, maar God het hom nie in Saul se mag oorgegee nie.

¹⁵Toe Dawid besef dat Saul steeds daarop uit is om hom dood te maak, is hy na Goresa toe in die Sifwoestyn.

Dawid en Jonatan vernuwe hulle verbond

¹⁶Jonatan seun van Saul het toe klaargemaak en na Dawid toe in Goresa gegaan en hom bemoedig in sy vertrouwe op God.

¹⁷Hy het vir hom gesê: “Moenie bang wees nie, want my pa sal jou nie in die hande kry nie. Jy sal koning word oor Israel, en ek sal onder jou staan. Selfs my pa weet dat dit so is.”

¹⁸Hulle twee het toe 'n verbond voor die Here gesluit. Dawid het in Goresa gebly, en Jonatan het huis toe gegaan.

Siffiete verklap Dawid

¹⁹Daarna het Siffiete na Saul in Gibeon toe gegaan en gesê: “Dawid kruip by ons weg in die skuilplekke in Goresa, op die Gakilarant suid van die onherbergsame gebied.

²⁰U Majesteit, as dit dan nou u begeerte is om op te trek, trek op en ons sal sorg dat hy aan u uitgelewer word.”

²¹Toe antwoord Saul: “Mag die Here julle seën omdat julle saam met my voel.

²²Gaan dan nou, stel weer vas waar Dawid is, kyk goed en verken die plek: waar sy spore is en wie hom daar gesien het, want iemand het vir my gesê hy is baie uitgeslape.

²³Gaan kyk en stel haarfyn vas waar hy oral skuil. Bring vir my sekerheid terug. Dan sal ek saamgaan. Indien hy nog in die land is, sal ek hom opspoor met al die afdelings van Juda.”

²⁴Die Siffiete het klaargemaak en voor Saul uit na Sif toe gegaan. Dawid en sy manne was in die Maonwoestyn in die vlakte suid van die onherbergsame streek.

²⁵Toe Saul en sy manskappe hom gaan soek, is dit aan Dawid vertel, en hy het na die kliprant toe gegaan, nog in die Maonwoestyn. Saul het dit verneem en Dawid in die Maonwoestyn agtervolg.

²⁶Saul het aan die een kant van die berg langs gegaan, en Dawid en sy manne net aan die ander kant. En toe Dawid bang voor Saul wegvlug, terwyl Saul en sy manskappe al vir Dawid en sy manne begin omsingel om hulle te vang,

²⁷kom daar 'n boodskapper by Saul en sê: “Maak gou en kom, want die Filistyne het die land ingeval.”

²⁸Saul het opgehou om Dawid te agtervolg en het die Filistyne tegemoet gegaan. Daarom noem hulle die plek Skeidingsrant.

1 Samuel 24

Dawid spaar Saul se lewe

¹Daarvandaan het Dawid in die skuilplekke by En-Gedi gaan bly.

²Net toe Saul van die veldtog teen die Filistyne af terugkom, is aan hom vertel: “Dawid is in die En-Gediwoestyn.”

³Saul het drie afdelings manskappe wat uitgesoek is uit die hele Israel, gevat en gegaan om Dawid en sy manne op te spoor in die omgewing van Klipbokrotse.

⁴Onderweg het Saul afgekom op skaapkrale met 'n grot daarby. Hy het daar ingegaan om homself te ontlas, terwyl Dawid en sy manne agter in die grot sit.

⁵Dawid se manne sê toe vir hom: “Kyk daar, vandag sê die Here vir jou: Ek gee jou vyand in jou hand en jy moet met hom maak soos jy dit goedvind.” Dawid het opgestaan en ongemerk die punt van Saul se mantel afgesny.

⁶Maar agterna het Dawid se gewete hom gepla omdat hy Saul se mantelpunt afgesny het.

⁷Hy het vir die manne gesê: “Mag die Here my daarvan bewaar dat ek my hand teen my koning, die gesalfde van die Here, oplik, want hy is die gesalfde van die Here.”

⁸So het Dawid sy manne met sy woorde gekeer en hulle nie toegelaat om teen Saul op te tree nie. En Saul het opgestaan en sy koers gegaan uit die grot uit.

⁹Dawid het ook klaargemaak en uit die grot uitgegaan. Hy het agter Saul aan geroep: “U Majesteit, die Koning!” Toe Saul omkyk, het Dawid gekniel en diep gebuig.

¹⁰Dawid sê toe vir Saul: “Waarom luister u na die praatjies van mense wat sê Dawid soek u ondergang?”

¹¹U sien vandag met u eie oë dat die Here u nou in die grot in my hand gegee het en as 't ware vir my gesê het om u dood te maak. Maar ek het u gespaar en gesê: ‘Ek sal my hand nie teen my koning ophang nie, want hy is die gesalfde van die Here.’

¹²My vader, kyk tog, kyk na die punt van u mantel in my hand. Deurdat ek die punt van u mantel afgesny het, maar u nie doodgemaak het nie, kan u weet en sien dat daar geen kwaadwilligheid of opstandigheid by my is nie. Ek het nie teen u in opstand gekom nie, selfs al agtervolg u my om my lewe te neem.

¹³Die Here sal regsprek tussen my en u en die Here sal my wreek op u, maar ek sal nie teen u wees nie.

¹⁴Soos die spreekwoord van die voorgeslag lui: “ ‘Boosheid gaan uit van die boosdoeners,’ “maar ek sal nie teen u wees nie.

¹⁵Agter wie aan het die koning van Israel opgetrek? Agter wie kom u aan? Agter 'n dooie hond aan; agter een enkele vlooi aan!

¹⁶Die Here sal regter wees en Hy sal regsprek tussen ons. Hy sal sorg en my saak behartig en aan my reg verskaf teenoor u.”

¹⁷Nadat Dawid dit alles vir Saul gesê het, het Saul gevra: “Is dit jy wat praat, my seun, Dawid?” Toe begin Saul hard huil

¹⁸en hy sê vir Dawid: “Jy is 'n beter man as ek, want jy het aan my goed gedoen en ek het jou kwaad aangedoen.

¹⁹Jy het so pas duidelik getoon watter weldaad jy my bewys het deurdat jy my nie doodgemaak het toe die Here my in jou hand oorgegee het nie.

²⁰Sal iemand sy vyand ongedeerd sy koers laat gaan as hy hom raakloop? Mag die Here jou met weldade beloon vir wat jy vandag aan my gedoen het.

²¹En nou, ek weet jy sal koning word, en die koningskap oor Israel sal in jou hand bestendig wees.

²²Lê dan nou in die Naam van die Here 'n eed af dat jy nie my nageslag sal uitroei nie en so in my familie aan my naam 'n einde sal maak nie.”

²³Nadat Dawid vir Saul 'n eed afgelê het, het Saul huis toe gegaan, maar Dawid en sy manne het opgegaan na die bergskuiling toe.

1 Samuel 25

Samuel se dood

¹Samuel is oorlede, en die hele Israel het bymekaargekom en oor hom gerou. Hulle het hom begrawe by sy huis in Rama.

Nabal beledig vir Dawid

Dawid het klaargemaak en na die Paranwoestyn toe getrek.

²Daar was 'n man in Maon wat sy boerdery in Karmel gehad het, 'n baie ryk man. Hy het drie duisend skape en duisend bokke gehad. Hy was besig om sy skape in Karmel te skeer.

³Die naam van die man was Nabal en die naam van sy vrou Abigajil. Die vrou het 'n goeie verstand gehad en sy was mooi, maar die man was 'n regte korrelkop en onbeskof. Hy was 'n Kalebiet.

⁴Toe Dawid in die woestyn verneem dat Nabal skape skeer,

⁵het hy tien jong manne gestuur en vir hulle gesê: “Gaan na Karmel toe, en as julle by Nabal kom, moet julle hom namens my vra hoe dit gaan.

⁶En sê vir hom: Gesondheid en voorspoed vir u en u familie en alles wat u besit!

⁷Ek het verneem dat hulle besig is om by u te skeer. U skaapwagters was by ons en ons het hulle nie kwaad aangedoen nie. Hulle het niks vermis solank hulle in Karmel was nie.

⁸Vra maar u veewagters sodat hulle dit kan vertel. Wees dan tog my mense goedgesind. Ons het op die regte tyd gekom. Gee asseblief wat u kan afstaan aan u seun Dawid en sy manne.”

⁹Die jong manne van Dawid het gekom en Dawid se hele boodskap aan Nabal oorgedra en gewag.

¹⁰Maar Nabal het die manne van Dawid geantwoord: “Wie is Dawid, wie is die seun van Isai? Daar is deesdae baie slawe wat wegloop van hulle eenaars af.

¹¹Moet ek nou my brood en water vat en die vleis wat ek vir my skeerders geslag het, en dit vir mense gee van wie ek nie weet waar hulle vandaan is nie?”

¹²Die jong manne van Dawid het net daar in hulle spore omgedraai en teruggegaan. Hulle het alles wat Nabal gesê het, vir Dawid gaan vertel.

¹³Dawid het toe aan sy manne gesê: “Gord aan julle swaarde!” En elkeen het sy swaard aange Gord, Dawid ook. Omtrent vier honderd man het saam met Dawid opgetrek, terwyl twee honderd by hulle goed gebly het.

¹⁴Een van die veewagters het vir Abigajil, die vrou van Nabal, vertel: “Dawid het boodskappers uit die woestyn gestuur om vir Meneer te groet, maar hy het teen hulle uitgevaar.

¹⁵Tog was die manne baie goed vir ons. Solank ons saam met hulle in die veld rondgetrek het, is ons nie kwaad aangedoen nie, en het ons niks vermis nie.

¹⁶Hulle het ons dag en nag beskerm so lank as ons die kleinvee naby hulle opgepas het.

¹⁷Nou kan u gerus gou kyk wat u kan doen, want daar is klaar besluit om vir Meneer en sy hele huis te straf; en hy is so 'n verkeerde man dat 'n mens nie met hom daaroor kan praat nie.”

¹⁸Abigajil het gou twee honderd brode, twee kruike wyn, vyf gaargemaakte skape, vyf emmer gebraaide koring, honderd trosse rosyntjies en twee honderd koeke gedroogde vye gevat en op donkies gelaai.

¹⁹Sy het vir haar slawe gesê: “Gaan vooruit. Ek kom sommer nou agter julle aan.” Aan haar man Nabal het sy niks hiervan vertel nie.

²⁰Terwyl sy nog op die donkie ry en in 'n kloof teen die berg afgaan, kom Dawid en sy manne juis na haar kant toe aan, sodat sy hulle teëkom.

²¹Dawid het juis net gedink: ek het verniet alles wat aan daardie man behoort in die woestyn opgepas, sodat daar niks van sy goed vermis is nie. Hy vergeld my kwaad vir goed.

²²Mag God my deur my vyande om die lewe bring as ek teen môreoggend nog enige manspersoon van Nabal laat oorbly.

²³Toe Abigajil vir Dawid sien, het sy gou van die donkie af afgespring en vir Dawid eerbiedig gegroet. Sy het diep gebuig voor hom

²⁴en gesê: “Verskoon tog die onreg, Meneer! Mag ek vertroulik met u praat? Luister tog na my woorde.

²⁵Meneer moet hom tog nie steur aan daardie verkeerde mens, aan Nabal nie, want hy is net soos sy naam. Sy naam beteken dwaas, en dwaas is hy. Maar ek, ek het nie die manne van Meneer vir wie Meneer gestuur het, gesien nie.

²⁶Meneer, so seker as die Here leef en so seker as wat u self leef, dit is die Here wat gekeer het dat u bloed vergiet en die reg in u eie hande neem. Mag dit met u vyande gaan soos dit met Nabal sal gaan en met almal wat u ondergang soek.

²⁷Neem tog nou hierdie blyk van goeie wense wat ek vir Meneer gebring het, en laat dit gegee word aan die manne wat altyd vir Meneer volg.

²⁸Vergewe tog my oortreding, want die Here sal beslis vir u 'n bestendige huis besorg, omdat Meneer die oorloë van die Here voer, en mag 'n ramp u nooit tref nie.

²⁹En sou daar iemand opstaan om u te agtervolg en u te probeer doodmaak, mag die lewe van Meneer dan by die Here, u God, veilig wees saam met die lewendes. Maar mag die lewe van u vyande weggeslinger word soos 'n klip uit 'n slingervel.

³⁰Wanneer die Here al die goeie dinge wat Hy oor u gesê het, aan Meneer volbring het, en Hy u as regeerder van Israel aangestel het,

³¹mag hierdie voorval dan nie vir u tot kwelling en gewetenswroeging wees omdat u onskuldige bloed vergiet het deur die reg in eie hande te neem nie. En wanneer die Here aan Meneer goed gedoen het, mag u my dan in gedagte hou.”

³²Dawid het vir Abigajil gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat jou vandag gestuur het om my te ontmoet.

³³Mag jy geseën word vanweë jou insig en ook omdat jy my vandag verhinder het om bloed te vergiet en die reg in my eie hand te neem.

³⁴Maar, so seker as die Here die God van Israel leef, Hy wat my gekeer het om jou kwaad aan te doen, as jy my nie gou tegemoet gekom het nie, sou daar beslis geen enkele manspersoon van Nabal tot die môrelik oorgebly het nie.”

³⁵Daarna het Dawid die goed wat sy gebring het, aanvaar en vir haar gesê: “Wees gerus en gaan maar huis toe. Kyk, ek het jou versoek gehoor en ek staan dit toe.”

³⁶Toe Abigajil by Nabal kom, het hy in sy huis 'n feesmaal gehad soos 'n koning. Nabal was opgeruimd en baie dronk. Voor die oggend met ligdag het sy hom hoegenaamd niks vertel nie.

³⁷Die oggend het Nabal nugter geword, en toe sy vrou hom al hierdie dinge vertel, het hy 'n beroerteaanval gekry en is hy heeltemal verlam.

³⁸Omtrent tien dae later het die Here hom weer met 'n aanval getref, en het hy gesterf.

Dawid trou met Abigajil

³⁹Toe Dawid hoor dat Nabal dood is, het hy gesê: “Geloof sy die Here wat my regsak behartig het oor die onreg wat Nabal my aangedoen het, en my van kwaad weerhou het. Die Here het Nabal se kwaad op sy eie kop laat afkom.” Daarna het Dawid gestuur en met Abigajil laat praat om haar as vrou vir hom te neem.

⁴⁰Die manne van Dawid het by Abigajil die Karmeliet gekom en vir haar gesê: “Dawid het ons na u toe gestuur om u as vrou vir hom te neem.”

⁴¹Sy het opgestaan en gebuig en gesê: “Ag nee, ek wil net 'n slavin wees om die voete van Meneer se manne te was.”

⁴²Abigajil het toe gou klaargemaak en op 'n donkie gery terwyl haar vyf slavinne te voet gevolg het. Sy het die boodskappers van Dawid gevolg en sy vrou geword.

⁴³Dawid was reeds met Aginoam uit Jisreël getroud. Hy het nou twee vrouens gehad.

⁴⁴Saul het sy dogter Mikal, die vrou van Dawid, aan Palti die seun van Lajis uit Gallim gegee.

1 Samuel 26

Dawid sluip Saul se kamp binne

¹Daarna het Siffiete by Saul in Gibeon gekom en gesê: “Dawid kruip weg op die Gakilarant teenoor die onherbergsame streek.”

²Saul het toe klaargemaak en na die Sifwoestyn toe gegaan. Saam met hom was daar drie afdelings, uitgesoektes uit Israel, om Dawid in die Sifwoestyn op te spoor.

³Saul het kamp opgeslaan langs die pad op die Gakilarant, wat teenoor die onherbergsame gebied is. Dawid het in die woestyn gebly. Toe hy hoor dat Saul tot in die woestyn agter hom aankom,

⁴het Dawid spioene uitgestuur en so het hy sekerheid gekry dat Saul na hom toe op pad was.

⁵Toe het Dawid klaargemaak en by die plek gekom waar Saul kamp opgeslaan het. Dawid het die plek gesien waar Saul en Abner seun van Ner, die hoof van Saul se leër, gelê en slaap het. Saul het op die wa gelê en die manskappe rondom hom.

⁶En Dawid het vir Agimelek die Hetiet, en vir Abisai, broer van Joab en seun van Seruja, gevra: “Wie wil saam met my na Saul toe in die kamp gaan? ” Abisai het geantwoord: “Ek sal saam met jou gaan.”

⁷Dawid en Abisai het daardie nag by die manskappe van Saul gekom, en Saul was vas aan die slaap op die wa terwyl sy spies aan die koppenent in die grond steek en Abner en die manskappe rondom hom lê en slaap.

⁸Abisai het vir Dawid gesê: “God het jou vyand nou in jou mag oorgegee. Laat ek hom nou sommer hier met die spies in die grond vassteek. Ek sal hom nie 'n tweede keer hoef te steek nie.”

⁹Maar Dawid het vir Abisai gesê: “Jy moet hom nie om die lewe bring nie, want wie sal sy hand oplik teen die gesalfde van die Here en nog onskuldig wees? ”

¹⁰Dawid het ook gesê: “So seker as die Here leef, die Here sal hom met 'n vroeë dood tref, of sy tyd sal aanbreek en hy sal sterwe, of hy sal gaan oorlog maak en hy sal omkom.

¹¹Mag die Here my verhinder dat ek my hand oplik teen die gesalfde van die Here. Vat net die spies by sy koppenent en die waterkruik en laat ons hier wegkom.”

¹²Dawid het die spies en die waterkruik by Saul se koppenent gevat en weggegaan sonder dat iemand iets gesien of gehoor het of wakker geword het, want almal het geslaap. Die Here het hulle vas laat slaap.

¹³Daarna het Dawid na die oorkant toe gegaan en op die top van die berg gaan staan, ver weg met 'n groot afstand tussen hulle.

¹⁴Dawid het na die manskappe van Saul en na Abner seun van Ner geroep: “Abner, antwoord jy dan nie? ” En Abner het geantwoord: “Wie is jy wat na die koning roep? ”

¹⁵Toe sê Dawid vir Abner: “Is jy nie 'n man nie? Wie is soos jy in Israel? Waarom het jy nie wag gestaan by jou koning nie? Daar het een van die volk gekom om die koning dood te maak.

¹⁶Wat jy gedoen het, is nie goed nie. So seker as die Here leef, julle moet eintlik dood wees omdat julle nie by julle koning, die gesalfde van die Here, wag gestaan het nie. Kyk net 'n bietjie! Waar is die koning se spies en die waterkruik wat by sy koppenent was? ”

¹⁷Saul het Dawid se stem herken en gesê: “Is dit jy wat praat, my seun, Dawid?” Dawid het gesê: “Dit is, U Majesteit! ”

¹⁸Hy het verder gevra: “Waarom agtervolg die koning tog sy onderdaan? Wat het ek gedoen wat verkeerd is?

¹⁹Maar nou moet die koning tog na my luister. As dit die Here is wat u teen my aanhits, bring dan vir Hom 'n offer. Maar as dit mense is, vervloek is hulle voor die Here, want hulle het my nou uitgedryf sodat ek voel asof ek nie meer aan die volk van die Here behoort nie. Hulle het gesê: ‘Gaan dien vreemde gode.’

²⁰Laat my bloed tog nie ver van die heiligdom af op die grond val nie. Waarlik, die koning van Israel het uitgetrek om een enkele vlooi te soek soos 'n mens 'n patrys in die berge agtervolg.”

²¹Maar Saul het gesê: “Ek het 'n fout gemaak. Kom terug, my seun, Dawid, want ek sal nie meer verkeerd teenoor jou optree nie omdat jy vandag my lewe gespaar het. Ja regtig, ek het dwaas opgetree en 'n growwe fout gemaak.”

²²Toe sê Dawid: “Hier is die koning se spies. Laat een van u manskappe tog oorkom en dit kom haal.

²³Mag die Here elkeen volgens sy geregtigheid en trou beloon, want die Here het u vandag in my mag gegee. Maar ek was nie bereid om my hand te lig teen die gesalfde van die Here nie.

²⁴En kyk, mag die Here my lewe net so spaar soos ek vandag u lewe gespaar het, en mag Hy my uit elke benoudheid red.”

²⁵Saul het vir Dawid gesê: “Mag dit goed gaan met jou, my seun, Dawid. Jy sal van krag tot krag gaan en beslis ook die oorhand kry.” Daarna het Dawid sy koers ingeslaan, en Saul het omgedraai huis toe.

1 Samuel 27

Dawid skaar hom by Akis

¹Dawid het by homself gedink: ek sal nog eendag deur Saul omkom. Daar bly vir my niks anders oor nie as om uit te wyk na die land van die Filistyne toe. Dan sal Saul ophou om langer oral in die gebied van Israel na my te soek. So sal ek van hom af wegkom.

²Dawid het klaargemaak en hy en ses honderd man wat by hom was, het oorgetrek na koning Akis van Gat, seun van Maok toe.

³Dawid het by Akis in Gat gewoon, hy en sy manne met hulle gesinne, en ook sy twee vrouens Aginoam uit Jisreël, en Abigajil die weduwee van Nabal die Karmeliet.

⁴Daar is toe aan Saul vertel dat Dawid na Gat toe gevlug het, en Saul het hom nie langer gesoek nie.

⁵Dawid het vir Akis gesê: “As u my goedgesind is, gee my dan 'n plek in een van u buitedorpe sodat ek daar kan woon. Waarom moet ek saam met u in die koninklike stad woon? ”

⁶Op daardie dag het Akis toe vir Siklag aan hom gegee, en daarom behoort Siklag nou nog aan die konings van Juda.

⁷Dawid het 'n jaar en vier maande op die platteland by die Filistyne gewoon.

Dawid mislei vir Akis

⁸Dawid en sy manne het van tyd tot tyd opgetrek en dan het hulle die Gesureërs of die Geseriete of die Amalekiete aangeval. Dit is die mense wat die gebied bewoon van Olam af waar jy ingaan na Sur toe tot by Egipte.

⁹Wanneer Dawid 'n gebied verower het, het hy geen man of vrou laat lewe nie. Hy het skape en beeste, donkies en kamele en klere buitgemaak. Dan het hy omgedraai en na Akis toe gegaan.

¹⁰En as Akis vra: “Vir wie het julle nou weer oorval? ” antwoord Dawid: “Die Suidland van Juda” of “die Suidland van die Jeragmeëliete” of “die Suidland van die Keniete.”

¹¹Dawid het geen man of vrou laat lewe om na Gat toe te bring nie, want hy het gedink: anders verklik hulle ons en sê: “Dit is wat Dawid gedoen het.” Dit het hy gedoen so lank hy op die platteland by die Filistyne gewoon het.

¹²Akis het vir Dawid vertrou, want hy het gedink: hy het vir goed by sy volk Israel in onguns geraak. Hy sal altyd my onderdaan wees.

1 Samuel 28

Saul raadpleeg 'n dodebesweerster

¹In daardie tyd het die Filistyne hulle leërs vir die stryd begin oproep om teen Israel oorlog te maak. Akis het vir Dawid gesê: “Jy weet natuurlik dat jy en jou manne saam met my in die leer moet optrek.”

²En Dawid het vir Akis gesê: “Maar u weet tog wat ek nog altyd doen.” Toe sê Akis vir Dawid: “Daarom stel ek jou vir goed aan as my lyfwag.”

³Samuel het te sterwe gekom, en die hele Israel het oor hom gerou en hulle het hom in sy stad Rama begrawe. Saul het ook die dodebesweersters en die waarsêers uit die land verban.

⁴Die Filistyne het bymekaargekom en kamp gaan opslaan by Sunem. Saul het die hele Israel bymekaargemaak en kamp opgeslaan by Gilboa.

⁵Saul het die kamp van die Filistyne gesien; hy was bang en sy hart het benoud geklop.

⁶Hy het die Here geraadpleeg, maar die Here het hom nie geantwoord nie, nóg deur drome, nóg deur die urim, nóg deur profete.

⁷Saul het toe vir sy amptenare gesê: “Soek vir my 'n dodebesweerster sodat ek haar kan gaan raadpleeg.” Sy amptenare het vir hom gesê: “Daar is 'n dodebesweerster in En-Dor.”

⁸Saul het hom vermom en ander klere aangetrek, en hy en twee manne het gegaan en in die nag by die vrou aangekom en gesê: “Tree vir my as waarsegster op deur die gees van 'n afgestorwene, en laat vir my die een opkom wat ek vir jou sê.”

⁹Maar die vrou het vir hom gesê: “Jy weet baie goed wat Saul gedoen het en dat hy die dodebesweersters en waarsêers in die land uitgeroei het. Waarom stel jy vir my 'n lokval om my dood te maak? ”

¹⁰Maar Saul het vir haar 'n eed afgelê in die Naam van die Here: “So seker as die Here leef, jy sal nie oor hierdie saak gestraf word nie.”

¹¹Toe vra die vrou: “Wie moet ek vir jou laat opkom? ” En hy antwoord: “Laat Samuel vir my opkom.”

¹²Toe die vrou vir Samuel sien, het sy hard geskreeu en vir Saul gesê: “Waarom het u my bedrieg? U is dan self Saul.”

¹³Maar die koning het vir haar gesê: “Moenie bang wees nie. Wat sien jy? ” en die vrou sê vir Saul: “Ek sien 'n wese uit 'n ander wêreld opkom uit die aarde.”

¹⁴Hy sê toe vir haar: “Hoe lyk hy? ” en sy sê: “'n Ou man kom op en hy het 'n mantel aan.” Saul het toe geweet dat dit Samuel is en Saul het diep gebuig en eer aan hom betoon.

¹⁵Samuel het vir Saul gevra: “Waarom steur jy my deur my te laat opkom? ” En Saul antwoord: “Ek is baie bang, want die Filistyne veg teen my, en God het my verlaat. Hy antwoord my nie meer nie, nie deur profete nie en ook nie deur drome nie. Daarom het ek u opgeroep om my in te lig oor wat ek moet doen.”

¹⁶Maar Samuel sê: “Waarom raadpleeg jy my dan as die Here jou verlaat en jou teëstander geword het?

¹⁷Die Here het gedoen soos Hy deur my gesê het. Die Here het die koningskap van jou afgeskeur en dit aan jou naaste, aan Dawid, gegee,

¹⁸want jy het nie die bevel van die Here gehoorsaam nie en sy gloeiende toorn nie op Amalek gewreek nie. Daarom het die Here jou nou hierdie ding aangedoen.

¹⁹Die Here sal Israel saam met jou in die mag van die Filistyne oorgee, en môre sal jy en jou seuns by my wees. Die Here sal ook die leer van Israel oorgee in die mag van die Filistyne.”

²⁰Saul het meteens in sy volle lengte op die grond neergeslaan en hy het baie bang geword vanweë die woorde van Samuel. Hy het geen krag gehad nie, want hy het die hele dag en nag nie geëet nie.

²¹Toe het die vrou na Saul toe gekom en gesien dat hy baie bewe en sy het vir hom gesê: “Ek het aan u versoek toegegee en ek het my lewe op die spel geplaas toe ek na u geluister het.

²²Gee dan tog nou toe aan my versoek, en laat ek vir u 'n stukkie kos voorsit. Eet dan, sodat daar weer krag in u kom en u verder kan gaan.”

²³Maar hy het geweier en gesê: “Ek wil nie eet nie.” Sy manne en ook die vrou het by hom aangedring totdat hy hulle hulle sin gegee het. Hy het van die grond af opgestaan en op die bed gaan sit.

²⁴Die vrou het 'n kalf by die huis op stal gehad, en sy het dit gou gaan slag. Sy het ook meel gevat, dit geknie en ongesuurde brood gebak.

²⁵Sy het dit vir Saul en sy manne voorgesit en hulle het geëet. Daarna het hulle opgestaan en dieselfde nag nog weggegaan.

1 Samuel 29

Die Filistyne wantrou vir Dawid

¹Die Filistyne het hulle hele leër bymekaargemaak by Afek, en Israel het kamp opgeslaan by die fontein in Jisreël.

²Terwyl die regeerders van die Filistyne met honderde en duisende verby trek en Dawid en sy manne heel laaste saam met Akis verby gaan,

³het die leiers van die Filistyne gesê: “Wat maak hierdie Hebreërs hier? ” Akis het vir die leiers van die Filistyne gesê: “Dit is maar net Dawid, die onderdaan van koning Saul van Israel, wat al geruime tyd by my is. Vandat hy afvallig geword het tot nou toe het ek niks teen hom gevind nie.”

⁴Maar die leiers van die Filistyne het hulle vererg en vir Akis gesê: “Laat die man omdraai en laat hy teruggaan na sy plek toe wat jy vir hom aangewys het. Hy mag nie saam met ons in die oorlog optrek nie. Dalk draai hy in die geveg

teen ons. Hoe sal hy weer by sy koning in die guns kom? Is dit nie met die koppe van ons soldate nie?

⁵Dit is mos die Dawid van wie hulle in koordanse sing: “Saul het sy duisende verslaan, maar Dawid sy tienduisende!”

⁶Akis het toe vir Dawid geroep en vir hom gesê: “So seker as die Here leef, jy is opreg. Ek vind dit goed dat jy saam met my gaan veg, want vandat jy by my gekom het tot nou toe, het ek niks verkeerds by jou gevind nie, maar jy is nie aanvaarbaar vir die regeerders nie.

⁷Draai nou maar om en gaan in vrede sodat jy jou nie die onguns van die Filistynse regeerders op die hals haal nie.”

⁸Maar Dawid het vir Akis gesê: “Wat het ek gedoen, en wat het u by my gevind vandat ek in u diens gekom het tot vandag toe dat ek nie kan kom en teen u vyande veg nie?”

⁹Akis het geantwoord en Dawid verseker: “Ek is oortuig dat jy so opreg is as 'n boodskapper van die gode. Dis net dat die leiers van die Filistyne gesê het: ‘Hy mag nie saam met ons in die oorlog optrek nie.’

¹⁰Maak dan nou môreoggend klaar, ook jou koning se onderdane wat saam met jou gekom het; julle moet môre voordag klaarmaak en as dit lig word, moet julle vertrek.”

¹¹Toe het Dawid en sy manne klaargemaak om vroeg die môre te vertrek en terug te gaan na die land van die Filistyne toe. Maar die Filistyne het na Jisreël toe opgetrek.

1 Samuel 30

Dawid verlos die mense van Siklag

¹Toe Dawid en sy manne op die derde dag in Siklag aankom, het die Amalekiete al klaar 'n strooptog onderneem teen die Suidland en teen Siklag. Hulle het Siklag verower en afgebrand.

²Hulle het die vrouens en almal daarin, groot en klein, as krygsgevangenes weggevoer. Hulle het niemand doodgemaak nie, maar almal gedwing om saam met hulle te gaan.

³Toe Dawid en sy manne in die dorp kom, was dit afgebrand en hulle vrouens, seuns en dogters was as gevangenes weggevoer.

⁴Dawid en sy manne het hard gehuil totdat hulle nie meer kon huil nie.

⁵Die twee vrouens van Dawid, Aginoam uit Jisreël, en Abigajil die weduwee van Nabal die Karmeliet, was ook as gevangenes weggevoer.

⁶Dawid was in die nood, want die manne het daaraan gedink om hom met klippe dood te gooi. Almal was verbitterd, elkeen oor sy seuns en dogters, en toe het Dawid hulp gevra by die Here sy God.

⁷Dawid het vir die priester Abjatar seun van Agimelek gesê: “Bring tog vir my die skouerkleed nader.” Abjatar het die skouerkleed vir Dawid nader gebring.

⁸Dawid het die Here geraadpleeg: “Moet ek hierdie bende agtervolg? Sal ek hulle inhaal? ” Die Here het hom geantwoord: “Ja, want jy sál hulle inhaal en jou mense red.”

⁹Dawid en sy ses honderd man het gegaan en by Besorspruit gekom, waar party agtergebly het.

¹⁰Dawid self en vier honderd man het die agtervolging voortgesit, en twee honderd man wat te moeg was om Besorspruit deur te gaan, het agtergebly.

¹¹Hulle het 'n Egiptenaar in die veld gekry en hom na Dawid toe gebring. Hulle het hom kos gegee, en nadat hy geëet het, het hulle hom water laat drink.

¹²Toe gee hulle hom 'n stukkie gedroogde vye en twee trossies rosyntjies en nadat hy dit geëet het, het hy weer reggekom, want hy het drie dae en nagte nie kos geëet of water gedrink nie.

¹³Dawid het hom gevra: “By wie is jy en waar kom jy vandaan? ” En hy antwoord: “Ek is 'n Egiptenaar, 'n slaaf van 'n Amalekiet, en my eienaar het my drie dae gelede agtergelaat, want ek het te swak geword.

¹⁴Ons het 'n strooptog onderneem in die Filistynse Suidland wat aan Juda behoort, en in die Suidland van Kaleb en ons het Siklag afgebrand.”

¹⁵Dawid vra toe vir hom: “Sal jy ons na hierdie bende toe lei? ” Maar hy sê: “Lê tog vir my 'n eed af in die Naam van God dat u my nie sal doodmaak of sal uitlewer in die hand van my eienaar nie, en ek sal u na hierdie bende toe lei.”

¹⁶Hy het hulle gelei, en toe hulle weer sien, lê die bende oor die hele gebied versprei, en hulle eet en drink en vier fees met die hele groot buit wat hulle uit die gebied van die Filistyne en van Juda gebring het.

¹⁷Dawid het van die laat middag af tot die aand toe en dwarsdeur tot in die vroeë oggend teen hulle geveg en hulle verslaan. Nie een het ontsnap nie, behalwe vier honderd jong manne wat op kamele gery en gevlug het.

¹⁸Dawid het almal wat deur Amalek gevat is, gered; hy het ook sy twee vrouens gered.

¹⁹Daar is niemand, groot of klein, seun of dogter, vermis nie, en ook niks van alles wat deur die Amalekiete gebuit is nie. Dawid het alles teruggebring.

²⁰Hy het ook al die skape en beeste teruggevat. Sy mense het die goed voor hom uitgedrywe en hulle het gesê: “Dis Dawid se buit.”

²¹Toe Dawid aankom na die twee honderd man toe wat te moeg was om agter hom aan te gaan en wat hy by Besorspruit laat bly het, het hulle vir Dawid en sy manne tegemoet gegaan. Dawid het nader gekom na die manne toe en gevra hoe dit met hulle gaan.

²²Al die slegte en nikswerd manne uit die groep wat saam met Dawid gegaan het, het opgemerk: “Omdat hulle nie saam gegaan het nie, gee ons nie vir hulle van die buit wat deur ons gered is nie. Elkeen kan net sy vrou en kinders vat en loop.”

²³Maar Dawid het gesê: “My broers, julle mag nie so maak nie. Wat het die Here nie alles vir ons gegee nie? Hy het ons bewaar en die bende wat teen ons gekom het, in ons mag oorgegee.

²⁴Wie sal na julle en na hierdie voorstel luister? Nee, soos die aandeel van dié wat gaan veg, is die aandeel van dié wat by die goed agterbly: hulle deel gelykop.”

²⁵So het dit van toe af gebeur. Hy het dit as voorskrif en bepaling vir Israel vasgestel tot nou toe.

²⁶Toe Dawid in Siklag aangekom het, het hy van die buit na sy vriende, die leiers van Juda, toe gestuur met die boodskap: “Dit is vir julle 'n geskenk uit die buit van die vyande van die Here.”

²⁷Dit was vir die leiers van Bet-El en Ramot in die Suidland, Jattir,

²⁸Aroër, Sifmot, Estemoa,

²⁹Rakal, die dorpe van die Jeragmeëliete, die dorpe van die Keniete,

³⁰Gorma, Bor-Asan, Atak,

³¹Hebron en oral waar Dawid en sy manne heen en weer getrek het.

1 Samuel 31

Saul sterf op Gilboa

(Vgl. 1 Kron. 10:1-12)

¹Die Filistyne het vir Israel aangeval. Die Israeliete het vir hulle gevlug, en van die manskappe het op Gilboaberg gesneuwel.

²Toe het die Filistyne op Saul en sy seuns toegesak. Hulle het Saul se seuns Jonatan, Abinadab en Malkisua neergevel

³en toe die aanval op Saul toegespits. Die boogskutters het hom in die oog gekry, en hy het baie bang vir hulle geword,

⁴en vir sy wapendraer gesê: “Trek jou swaard en steek my daarmee dood dat daardie heidene nie kom en my doodsteek en in oneer laat sterf nie.” Maar sy wapendraer wou nie, want hy was baie bang. Saul vat toe self die swaard en val daarin.

⁵Toe sy wapendraer sien Saul is dood, val hy ook in sy swaard en sterf saam met hom.

⁶So is Saul en sy drie seuns en sy wapendraer en al die manskappe by hom op daardie dag saam dood.

⁷Die Israeliete wat oorkant die laagte en oorkant die Jordaan gewoon het, het gesien dat die manskappe gevlug het en dat Saul en sy seuns dood is. Hulle het toe die stede verlaat en ook gevlug, en die Filistyne het die stede beset en daar gaan woon.

⁸Toe die Filistyne die dag na die geveg die lyke kom stroop, kry hulle Saul en sy drie seuns daar waar hulle op Gilboaberg geval het.

⁹Hulle het sy kop afgesny en sy wapens afgeruk en dié in die land van die Filistyne rondgestuur om die goeie nuus in hulle tempels en aan hulle mense bekend te maak.

¹⁰Daarna het hulle sy wapenrusting in die tempel van Astarte gesit en sy lyk het hulle teen die muur van Bet-San vasgespyker.

¹¹Toe die mense van Jabes in Gilead hoor wat die Filistyne met Saul gedoen het,

¹²het al die weerbare manne klaargemaak en hulle het die hele nag deur getrek en die lyk van Saul en dié van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal. Hulle het dit na Jabes toe gebring en daar verbrand.

¹³Hulle het toe die bene gevat en onder die tamarisk in Jabes begrawe en daarna het hulle sewe dae lank gevas.

2 Samuel

2 Samuel 1

Dawid verneem van Saul se dood

¹⁻²Na die dood van Saul, op die derde dag daarna, het daar onverwags iemand uit Saul se kamp by Dawid aangekom. Dawid was toe al twee dae terug in Siklag na sy oorwinning oor die Amalekiete. Die man se klere was geskeur en daar was grond op sy kop. Toe hy by Dawid aankom, het die man voor hom op sy knieë geval en gebuig.

³“Waar kom jy vandaan? ” het Dawid hom gevra. “Ek het uit die Israelitiese kamp ontvlug,” was sy antwoord.

⁴“Wat is aan die gang? Vertel my! ” het Dawid aangedring. Hy het toe vertel dat die leër uit die geveg weggevlug het, dat 'n groot deel van die leër gesneuwel het, en dat Saul en sy seun Jonatan ook dood is.

⁵“Hoe weet jy dat Saul en sy seun Jonatan dood is? ” vra Dawid vir die jongman wat hom dit vertel het.

⁶Hy het geantwoord: “Ek was heel toevallig op Gilboaberg. Daar merk ek toe dat Saul hom met sy spies om die lewe probeer bring, terwyl die Filistyne se strydwaens en hulle drywers kort op sy hakke was.

⁷Saul het omgekyk en my gesien. Hy het my nader geroep en ek het gevra: ‘Wat kan ek vir u doen? ’

⁸Hy vra my toe: ‘Wie is jy? ’ en ek antwoord: ‘n Amalekiet.’

⁹‘Kom staan hier langs my en maak my dood,’ beveel hy, ‘want ek leef wel nog, maar my toestand is kritiek.’

¹⁰Ek het toe nader gestaan en hom doodgemaak, want ek het besef dat hy, nadat hy homself probeer doodmaak het, nie sou bly lewe nie. Ek het die kroon van sy kop af gegryp, ook die armband van sy arm af, en dit vir u gebring.”

¹¹Hieroor was Dawid so ontsteld dat hy sy klere geskeur het, en al sy manskappe ook.

¹²Hulle het tot die aand gerou en getreur en gevas oor Saul en sy seun Jonatan en oor die volk van die Here, die Israeliete, omdat hulle gesnuwel het.

¹³Dawid het toe vir die jongman wat hom die berig gebring het, gevra: “Van waar is jy nou weer? ” Hy het geantwoord: “Ek is nie 'n landsburger nie. Ek is 'n Amalekiet.”

¹⁴Dawid het vir hom gesê: “Dus was jy nie bang om jou hand uit te steek en die gesalfde van die Here om die lewe te bring nie? ”

¹⁵Toe roep hy een van die manskappe en sê vir hom: “Kom hier! Maak hom dood! ” Die manskap het hom toe doodgemaak.

¹⁶Dawid het hom toegevoeg: “Jy het jou dood gesóék, want jy het jouself veroordeel toe jy gesê het: Dit is ek wat die gesalfde van die Here doodgemaak het! ”

Dawid se klaaglied oor Saul en Jonatan

¹⁷Dawid het toe die volgende klaaglied oor Saul en sy seun Jonatan gesing.

¹⁸Hy het opdrag gegee dat hierdie booglied aan die inwoners van Juda geleer moet word. Die lied is ook opgeteken in die Boek van die Opregte.

¹⁹“Jou trots, Israel — op jou hoogtes lê dit verslaan. Hoe het die helde geval!

²⁰Moet dit nie in Gat vertel nie; moet dit ook nie bekend maak in Askelon se strate nie, anders sal die Filistynse meisies bly wees en die dogters van die heidene jubel.

²¹Gilboaberge! Offerland! Nóg dou, nóg reën vir julle! Waarlik, dáár is die heldeskild besoedel. Saul se skild — dit is nie met olie ingesmeer nie

²²maar met bloed van gesnuweldes, met vet van helde! Jonatan se boog — dit het pal gestaan. Saul se swaard — dit het sy werk goed gedoen.

²³Saul en Jonatan, geliefde en beminde mense — in lewe en sterwe nie geskei nie. Hulle was vinniger as arende, sterker as leeus.

²⁴Israelitiese dogters, julle moet huil oor Saul! Hy het julle bekleed met sierlike klere, goue sierade het hy daarop laat aanbring.

²⁵Hoe het die helde geval? In die hitte van die stryd! Jonatan lê verslaan op die hoogtes.

²⁶Ek is bedroef oor jou, my broer Jonatan. Jy was baie na aan my hart. Jou liefde was vir my wonderliker as die liefde van enige vrou.

²⁷Hoe het die helde geval? Met die wapen in die hand het hulle omgekom! ”

2 Samuel 2

Dawid word in Hebron tot koning van Juda gesalf

¹Hierna het Dawid die Here geraadpleeg: “Moet ek na 'n stad in Juda toe gaan?” Die Here het geantwoord: “Ja, gaan!” Dawid het gevra: “Na watter plek toe moet ek gaan?” Toe antwoord die Here: “Na Hebron toe.”

²Dawid het toe gegaan, vergesel van sy twee vrouens, Aginoam van Jisreël, en Abigajil die weduwee van Nabal die Karmeliet.

³Hy het ook sy manskappe met hulle gesinne laat saamgaan, en hulle het almal in die gebied van Hebron gaan woon.

⁴Daar het die burgers van Juda vir Dawid tot hulle koning kom salf. Toe daar aan Dawid vertel is dat die inwoners van Jabes in Gilead vir Saul begrawe het,

⁵het hy boodskappers na hulle toe gestuur om vir hulle te sê: “Mag die Here julle seën omdat julle hierdie liefdesdaad aan julle koning Saul bewys het deur hom te begrawe.

⁶Mag die Here ook aan julle liefde en trou betoon. Ek self sal ook nog 'n weldaad aan julle bewys omdat julle dit gedoen het.

⁷Tree nou net moedig op en wees dapper, want julle koning Saul is wel dood, maar Juda het my tot hulle koning gesalf.”

Abner maak vir Is-Boset koning van Israel

⁸Maar die hoof van Saul se leer, Abner seun van Ner, het vir Is-Boset seun van Saul gevat, hom laat deurtrek na Maganajim toe

⁹en hom koning gemaak oor Gilead, Aser, Jisreël, Efraim en Benjamin, ja, oor die hele Israel.

¹⁰Saul se seun Is-Boset was veertig jaar oud toe hy koning van Israel geword het en hy het twee jaar geregeer. Net die Judastam het vir Dawid ondersteun.

¹¹Dawid was sewe en 'n half jaar in Hebron koning oor Juda.

Die geveg by die dam van Gibeon

¹²Abner seun van Ner het met Is-Boset se soldate van Maganajim af na Gibeon toe opgeruk.

¹³Joab seun van Seruja het hulle met Dawid se soldate tegemoet getrek en hulle by die Gibeondam gekry. Joab-hulle het aan die een kant van die dam gaan sit, en die ander aan die oorkant.

¹⁴Abner skreeu toe vir Joab: “Laat die jong manne eers hier voor ons 'n oorlogspel kom speel!” “Hulle kan dit maar doen,” was Joab se antwoord.

¹⁵Twaalf man het toe namens Benjamin en Is-Boset na vore gekom, en so ook twaalf van Dawid se soldate.

¹⁶Maar elkeen het sy opponent aan die hare beetgekry en met die swaard onder die ribbes gestek, en hulle het gelyk omgekom. Daarom word dié plek in Gibeon die Ribbebeensdeel genoem.

¹⁷Daardie dag het daar toe 'n hewige geveg ontwikkel, en Abner en die manskappe van Israel is deur Dawid se soldate verslaan.

Abner steek vir Asael dood

¹⁸Seruja se drie seuns, Joab, Abisai en Asael, was ook daar. Asael was vinnig soos 'n wildsbok.

¹⁹Hy het Abner agternagesit en knaend op sy spoor gebly.

²⁰Abner het vir hom oor sy skouer gevra: “Is dit jy, Asael?” “Ja, dis ek,” was die antwoord.

²¹Abner sê toe vir hom: “As jy agter 'n uitrusting aan is, draai weg in enige rigting, oorrompel enige jong soldaat en vat syne.” Maar hy wou nie wegdraai nie.

²²Abner het weer vir hom gesê: “Gee pad agter my! Waarom moet ek jou doodmaak? Hoe sal ek jou broer Joab in die oë kan kyk? ”

²³Maar hy het bly weier om weg te draai. Toe steek Abner hom sommer na agter toe met die spies in die maag, sodat dit by sy rug uitkom. Asael het net daar in sy spore dood neergesak. Elkeen wat op die plek gekom het waar hy geval het, het 'n oomblik gaan staan.

²⁴Daarna het Joab en Abisai vir Abner agternagesit. Sononder het hulle by die Elmboogrant aangekom, regoor die fontein langs die pad na Gibeon se weiveld toe.

²⁵Die Benjaminiete het almal bo-op die rant gestaan en in 'n bondel agter Abner saamgedrom.

²⁶Toe skreeu Abner vir Joab: “Moet die swaard aanhou verteer? Besef jy nie dat die uiteinde net bitterheid is nie? Wanneer gaan jy eendag die manskappe beveel om nie meer hulle broers te agtervolg nie? ”

²⁷Joab het geantwoord: “Waarlik, God weet dit, as jy nie nou gepraat het nie, sou ons die volk tot môreoggend laat veg het, en dit nogal broer teen broer.”

²⁸Toe het Joab die ramshoring geblaas. Al die manskappe het gaan staan en Israel nie meer agtervolg nie en hulle het nie verder geveg nie.

²⁹Abner en sy manskappe het die nag deur met die Jordaanvallei langs getrek. Hulle het die Jordaan oorgesteek en Maganajim al met die Bitronloop langs bereik.

³⁰Joab het die agtervolging van Abner gestaak en die manskappe bymekaargeroep. Toe hulle Dawid se soldate tel, was daar behalwe Asael nog negentien man kort.

³¹Dawid se vegters het egter baie Benjaminiete verslaan. Onder Abner se soldate alleen was drie honderd en sestig dood.

³²Joab-hulle het vir Asael opgetel en in die familiegraf in Betlehem gaan begrawe. Hierna het Joab en sy soldate die hele nag deur getrek en ligdag was hulle in Hebron.

2 Samuel 3

¹Daar was 'n langdurige oorlog tussen die nageslag van Saul en Dawid, maar Dawid het gaandeweg al hoe sterker geword en die nageslag van Saul al hoe swakker.

Dawid se seuns wat in Hebron gebore is

(Vgl. 1 Kron. 3:1-4)

²Die volgende seuns van Dawid is in Hebron gebore: Amnon, seun van Aginoam sy Jisreëlitiese vrou, was die oudste.

³Sy tweede was Kilab seun van Abigajil, die weduwee van Nabal die Karmeliet. Absalom seun van Maäka, 'n dogter van koning Talmai van Gesur, was die derde,

⁴en die vierde was Adonia seun van Gaggit. Die vyfde was Sefatja seun van Abital

⁵en die sesde Jitream seun van Dawid se vrou Eglä. Hulle is vir hom in Hebron gebore.

Abner breek met Is-Boset

⁶Onderwyl die oorlog tussen Saul se huis en dié van Dawid aan die gang was, het Abner geprobeer om sy posisie in Saul se huis te verstewig deur 'n verbintenis met 'n byvrou van Saul.

⁷Haar naam was Rispa dogter van Aja. Toe Is-Boset hom vra: “Waarom het jy my pa se byvrou gevat? ”

⁸het Abner hom gruwelik oor dié woorde vererg en gesê: “Dink jy dan ek is 'n lae hond wat Juda se saak wil aanhelp? Tot nou toe was ek getrou aan die huis van Saul en aan sy broers én sy vriende. Ek het verhoed dat jy in Dawid se mag val, en nou spreek jy my aan oor 'n vergryp met hierdie vrou!

⁹Mag God my om die lewe bring as ek nie nou vir Dawid gaan help om te doen wat die Here hom met 'n eed beloof het nie,

¹⁰naamlik om die koningskap van die nageslag van Saul weg te vat en die heerskappy van Dawid oor Israel en Juda te bevestig, van noord tot suid.”

¹¹So bang was Is-Boset vir Abner dat hy nie 'n woord kon terugse nie.

Abner onderhandel met Dawid

¹²Hierna het Abner boodskappers na Dawid toe gestuur om te sê: “Behoort die land nie aan u nie? Sluit tog 'n ooreenkoms met my en u sal sien dat ek by u staan deur die hele Israel na u kant toe oor te haal.”

¹³Dawid het geantwoord: “Goed, ek sal 'n ooreenkoms met jou sluit. Ek verwag net een ding van jou, en dit is dat jy nie met my moet kom onderhandel sonder om Saul se dogter Mikal saam te bring nie.”

¹⁴Dawid het ook boodskappers na Saul se seun Is-Boset toe gestuur om te sê: “Gee my vrou Mikal terug wat ek as vrou verkry het in ruil vir honderd Filistynse voorhuide.”

¹⁵Is-Boset het gestuur en haar laat wegvat van haar man, Palti seun van Lajis.

¹⁶Hy het saam met sy vrou geloop, huil-huil agter haar aan tot by Bagurim. Toe sê Abner vir hom: “Gee pad! Loop terug!” Hy het toe maar omgedraai.

¹⁷Daarna het Abner met die leiers van Israel gepraat: “Julle probeer mos lankal om vir Dawid koning te maak.

¹⁸Doen dit nou, want die Here het vir Dawid gesê: Deur my dienaar Dawid sal Ek my volk Israel red uit die mag van die Filistyne en van al sy vyande.”

¹⁹Abner het self ook vertroulik met die Benjaminiete gaan onderhandel. Dit was ook hy wat vertroulik aan Dawid in Hebron gaan vertel het watter voorwaardes vir Israel en die Benjaminsam aanneemlik sou wees.

²⁰Vervolgens het Abner saam met twintig man na Dawid toe gegaan in Hebron, en Dawid het vir hulle 'n eetmaal aangebied.

²¹Abner sê toe vir Dawid: “Met u verlof gaan ek nou die hele Israel by u, die koning, bymekaarbring sodat hulle met u 'n verdrag kan sluit; dan sal u koning wees volgens u hartsbegeerte.” Dawid het daartoe ingestem en Abner het ongehinderd vertrek.

Joab vermoor vir Abner

²²En toe gebeur die onvoorsiene! Joab en die soldate van Dawid het net van 'n rooftog af teruggekom en 'n groot buit saamgebring. Abner was toe nie meer by Dawid in Hebron nie: Abner het met die instemming van die koning ongehinderd vertrek.

²³Dit was toe dat Joab en al sy soldate tuis gekom het en daar vir hom gesê is: “Abner seun van Ner het by die koning gekom, en hy het hom ongehinderd laat vertrek.”

²⁴Joab het na die koning toe gegaan en gesê: “Wat het u nou aangevang? Hier kom Abner na u toe, en u laat hom weer loop?”

²⁵U ken tog vir Abner seun van Ner! Hy het net gekom om u vir die gek te hou, ja, om uit te vind wat u bewegings en u doen en late is.”

²⁶Joab is toe van Dawid af weg en het boodskappers agter Abner aangestuur. Hulle het hom by die watergat langs die doringboom laat omdraai sonder dat Dawid dit geweet het.

²⁷Abner het teruggekom na Hebron toe, en Joab het hom na die poort se kant toe weggelei asof hy vertroulik met hom wou praat. Uit weerwraak oor die dood van sy broer Asael het Joab hom toe net daar in die maag gestee, sodat hy gesterf het.

²⁸Dawid het dit agterna eers verneem en gesê: “Ek is vir altyd voor die Here onskuldig aan die moord op Abner seun van Ner, ek en my koningshuis.

²⁹Mag die straf daarvoor op Joab se kop afkom en op sy hele familie. Mag daar altyd in sy familie een wees wat bloei of melaats is of op krukke loop of deur die swaard omkom of broodsgebrek ly.”

³⁰Joab en sy broer Abisai het vir Abner doodgemaak omdat hy hulle broer Asael tydens die oorlog in Gibeon doodgemaak het.

³¹Aan Joab en die hele leer by hom het Dawid gesê: “Skeur julle klere; trek rouklere aan en rou oor Abner.” Koning Dawid het self agter die draagbaar gestap.

³²Toe hulle Abner in Hebron begrawe het, het die koning hardop gehuil by die graf, en die hele leer het ook gehuil.

³³Die koning het 'n klaaglied oor Abner gesing: “Moes Abner dan so 'n eerlose dood sterwe?

³⁴Jou hande was nie geboei nie, jou voete nie met kettings gebind nie. Jy het omgekrom soos een wat deur misdadigers omkom.” Toe het die leer se gehuil oor hom eens so erg geword.

³⁵Die hele leer het Dawid probeer oorreed om iets te eet terwyl dit nog dag was, maar hy het 'n eed afgelê: “Mag God my om die lewe bring as ek voor sonder brood of ander kos eet! ”

³⁶Almal het opgemerk dat hy nie eet nie en hulle het dit goedgevind. Hulle was tevrede met alles wat die koning gedoen het.

³⁷Die hele leer en die ganse Israel was toe oortuig dat die koning niks met Abner seun van Ner se dood te doen gehad het nie.

³⁸Die koning het aan die onderdane by hom gesê: “Besef julle nie dat daar vandag 'n leier, ja, 'n groot man, in Israel om die lewe gebring is nie?

³⁹Ek is wel tot koning gesalf, maar my posisie is nog nie sterk genoeg teenoor hierdie manne, die seuns van Seruja, nie. Hulle is vir my te hard. Mag die Here daarom self die saak regstel deur die moordenaar vir sy misdaad te straf.”

2 Samuel 4

¹Toe Is-Boset seun van Saul verneem dat Abner in Hebron dood is, was hy tot niks in staat nie, en die hele Israel was skrikbevange.

Is-Boset word vermoor

²Daar was twee bendeleiers by Is-Boset. Die een se naam was Baäna en die ander s'n Rekab. Hulle was kinders van Rimmon die Beërotiet, uit die geledere van Benjamin. Beërot is vroeër by Benjamin gereken,

³maar die Beërotiete het na Gittajim toe gevlug, waar hulle nou nog asiel het.

⁴Saul se seun Jonatan het 'n seun gehad met gebrekklike voete. Hy was vyf jaar oud toe die tyding oor Saul en Jonatan uit Jisreël gekom het, en die vrou wat hom versorg het, het hom opgetel en gevlug, maar in haar haas het hy geval en so kreupel geword. Sy naam was Mefiboset.

⁵Rekab en Baäna, seuns van Rimmon die Beërotiet, het op die warmte van die dag, terwyl Is-Boset besig was om sy middagslapie te geniet, by sy huis aangekom.

⁶Hulle het tot binne in die huis gegaan onder die voorwendsel dat hulle koring kom aflewer, en hom in die maag gestee. Daarna het hulle gevlug.

⁷Hulle het in die huis gekom en hom doodgestee terwyl hy op sy bed in die slaapkamer aan die slaap was. Hulle het selfs sy kop afgekap en dit saamgevat. Die hele nag deur het hulle met die Jordaanvalleipad langs gestap

⁸en Is-Boset se kop na Dawid toe in Hebron gebring. Hulle het vir die koning gesê: “Hier is die kop van Is-Boset Saul se seun. Saul was u vyand en wou u doodmaak, maar vandag het die Here vir die koning wraak geneem oor Saul en sy nasate.”

⁹Toe sê Dawid vir Rekab en sy broer Baäna, seuns van Rimmon die Beërotiet: “Ek verklaar voor die Here, my bevryder uit elke lewensgevaar:

¹⁰Die man wat my in Siklag vertel het: ‘Saul is dood!’ het ek laat gryp en doodslaan as beloning vir so 'n boodskap, en hy het nogal gedink hy is iemand wat 'n goeie tyding bring.

¹¹Hoeveel te meer sal ek nie, noudat skurke 'n onskuldige man op sy bed in sy huis doodgemaak het, sy moord op hulle wreek en hulle van die aarde af wegvee nie!”

¹²Toe het Dawid sy lyfwag beveel om hulle dood te maak. Hulle het hulle hande en voete afgesny en hulle by die dam van Hebron opgehang. Maar Is-Boset se kop het hulle gevat en in Abner se graf in Hebron gaan begrawe.

2 Samuel 5

Dawid word gesalf tot koning oor Israel

(Vgl. 1 Kron. 11:1-3)

¹Hierna het al die Israelitiese stamme na Dawid toe in Hebron gegaan en gesê: “Ons is tog almal u eie mense!

²In die tyd toe Saul koning was, was u tog maar die een wat Israel in die oorlog aangevoer het. Die Here het vir u gesê: “Jy moet vir my volk Israel 'n herder wees; ja, jy moet heerser oor Israel wees! ”

³So het al die leiers van Israel by die koning in Hebron gekom. Toe het koning Dawid in Hebron in teenwoordigheid van die Here 'n verdrag met hulle gesluit. Op hulle beurt het hulle vir Dawid daar tot koning oor Israel gesalf.

⁴Dawid was dertig toe hy koning geword het, en hy het veertig jaar geregeer.

⁵In Hebron was hy sewe en 'n half jaar koning oor Juda, en in Jerusalem drie en dertig jaar oor die hele Israel en Juda.

Dawid verower Jerusalem

(Vgl. 1 Kron. 11:4-6)

⁶Die koning en sy manskappe het teen Jerusalem opgetrek. Die Jebusiete het hierdie gebied bewoon. Daar is aan Dawid gesê: “Hier sal jy nie inkom nie. Blindes en kreupeles sal jou hier uithou.” Ja, daar is beweer: “Dawid sal hier nie inkom nie! ”

⁷En tog het Dawid die Sionsvesting ingeneem. Dit is nou die Dawidstad.

⁸Op daardie dag het Dawid gesê: “Elkeen wat 'n Jebusiet wil verslaan, moet eers die watertunnel, en die blindes en kreupeles in die hande kry.” Dawid het hulle blywend gehaat. Dit is waarom gesê word 'n blinde of 'n kreupele mag nie in die tempel inkom nie.

Dawid gaan woon in Jerusalem

(Vgl. 1 Kron. 11:7-9; 14:1-7)

⁹Dawid het in die vesting gaan woon en dit Dawidstad genoem. Sy bouwerke het gestrek van die terras af in die rigting van die paleis.

¹⁰Hy het al hoe sterker geword en die Here die Almagtige was by hom.

¹¹Koning Hiram van Tirus het 'n afvaardiging na hom toe gestuur en ook sederhout en skrynwerkers en messelaars. Hulle het vir Dawid 'n paleis gebou.

¹²Dawid het toe besef dat die Here hom as koning oor Israel bevestig het en dat die Here Dawid se koningskap in hoë aansien gebring het ter wille van die volk Israel.

¹³Nadat Dawid uit Hebron verhuis het, het hy vir hom uit Jerusalem meer byvrouens en vrouens geneem. Daar is toe vir hom nog seuns en dogters gebore.

¹⁴Dit is die name van sy kinders wat in Jerusalem gebore is: Sima, Sobab, Natan, Salomo,

¹⁵Jibgar, Elisua, Nefeg, Jafia,

¹⁶Elisama, Eljada en Elifelet.

Dawid verslaan die Filistyne

(Vgl. 1 Kron. 14:8-16)

¹⁷Toe die Filistyne verneem dat Dawid tot koning oor Israel gesalf is, het hulle almal teen hom opgetrek. Dawid het dit te hore gekom en op 'n strategiese plek gaan stelling inneem.

¹⁸Die Filistyne het gekom en die Spooklaagte binnegeval.

¹⁹Dawid het die Here geraadpleeg en gevra: “Moet ek teen die Filistyne opruk? Sal U hulle in my mag oorgee? ” Die Here het hom geantwoord: “Ja, trek op, want Ek gee hulle beslis aan jou oor.”

²⁰Dawid het toe deur 'n groot kloof getrek en hulle daar verslaan. Hy het gesê: “Die Here het my vyand voor my gekloof soos water 'n wal kloof.” Daarom het hy die plek Grootkloof genoem.

²¹Die Filistyne het selfs hulle afgodsbeelde net daar gelos, en Dawid en sy manskappe het dit opgetel.

- ²²Toe die Filistyne weer opruk en die Spooklaagte binneval,
²³het Dawid die Here geraadpleeg. Die Here het gesê: “Moenie optrek nie. Draai na hulle agterhoede toe en val hulle aan regoor die melkbosse.
²⁴Wanneer jy 'n geritsel in die toppe van die melkbosse hoor, moet jy blitsvinnig aanval, want dan trek die Here voor jou uit om die kamp van die Filistyne te tref.”
²⁵Dawid het gemaak soos die Here gesê het en die Filistyne van Geba af tot by die ingang na Geser verslaan.

2 Samuel 6

Dawid bring die ark van die Here in Jerusalem in

(Vgl. 1 Kron. 13:1-14; 15:1 -- 16:3)

- ¹Dawid het al die uitgesoekte manne in Israel bymekaargemaak, dertig afdelings.
²Hy het klaargemaak en saam met die hele leer na Baäla in Juda toe gegaan om die ark van God te gaan haal. Dit is die ark waaroor die Naam: “die Here die Almagtige wat oor die gerubs troon” uitgeroep is.
³Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa gelaai en dit weggevat uit die huis van Abinadab op die heuwel. Ussa en Agjo, seuns van Abinadab, het die wa
⁴waarop die ark van God was, gedrywe. Agjo het voor die ark geloop.
⁵Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van die Here gedans, begelei deur liedere, liere, harpe, tamboeryne, ratels en simbale.
⁶Toe hulle by die dorsvloer van Nakon kom, gryp Ussa na die ark van God om dit teë te hou, want die osse het gestruik.
⁷Die toorn van die Here het teen Ussa ontvlam en God het hom net daar, by die daad van heiligs kennis, getref. Hy het op die plek gesterf, langs die ark van God.
⁸Dawid was diep ontsteld omdat die Here vir Ussa so weggeskeur het, en hy het daardie plek genoem Ussa-se-Skeur. Dit is nou nog die naam.

⁹Dawid het daardie dag bang geword vir die Here en gesê: “Hoe kan die ark van die Here nou na my toe kom? ”

¹⁰Hy het nie kans gesien om die ark van die Here by die Dawidstad te laat inkom nie en het dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom toe wat uit Gat afkomstig was.

¹¹Die ark van die Here het drie maande in Obed-Edom se huis gestaan, en die Here het hom en sy hele gesin voorspoedig gemaak.

¹²Daar is toe aan Dawid vertel: “Die Here het die gesin van Obed-Edom voorspoedig gemaak en al sy besittings vermeerder ter wille van die ark van God.” Dawid het toe gegaan en die ark van God met feesvreugde uit die huis van Obed-Edom na die Dawidstad toe laat bring.

¹³Elke keer wanneer die draers van die ark van die Here ses tree gestap het, het hy 'n bul en 'n vetgemaakte kalf geoffer.

¹⁴Met volle oorgawe het Dawid voor die Here gedans met net 'n linneskouerkleed aan.

¹⁵Hy en die hele Israel het die ark van die Here met gejuig en onder die geklank van die ramshoring ingebring.

¹⁶Terwyl die ark die Dawidstad ingekom het, het Saul se dogter Mikal deur die venster afgekyk. Sy het koning Dawid gesien terwyl hy spring en dans voor die Here en sy het hom in stilte verag.

¹⁷Hulle het die ark van die Here ingebring en dit op sy bestemde plek neergesit in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het. Dawid het brandoffers en maaltydoffers vir die Here geoffer.

¹⁸Toe hy klaar geoffer het, het hy die volk geseën in die Naam van die Here die Almagtige.

¹⁹Hy het aan die hele volk, die ganse menigte van Israel, man en vrou, elkeen 'n ringbrood, 'n bietjie dadels en 'n handvol rosyntjies laat uitdeel. Hierna is almal huis toe,

²⁰en Dawid het teruggegaan om sy gesin te seën. Saul se dogter Mikal het hom tegemoet gegaan en smalend gesê: “Hoe waardig het die koning van Israel hom vandag gedra! Hy het hom die heeldag voor die slavinne van sy onderdane ontbloot soos 'n onbeskaamde mens wat hom sommer ontbloot.”

²¹Hy het vir Mikal geantwoord: “Voor die Here wat my verkies het bo jou pa en sy familie deur my aan te stel as heerser oor Israel, die volk van die Here, ja, voor die Here sal ek dans.

²²Ek sal myself nog geringer ag as dit en nederig wees in my eie oë deur my by die slavinne van wie jy praat, waardig te gaan gedra.”

²³En tot die dag van haar dood het Saul se dogter Mikal nie 'n kind gehad nie.

2 Samuel 7

Dawid wil vir die Here 'n huis bou

(Vgl. 1 Kron. 17:1-27)

¹Toe koning Dawid in sy eie huis woon, nadat die Here hom rus gegee het van al sy vyande in die omgewing,

²sê hy vir die profeet Natan: “Kyk, ek woon in 'n huis wat met sederhout versier is, maar die ark van God staan in 'n tent.”

³Natan het die koning geantwoord: “Doen gerus alles wat u in gedagte het. Die Here is by u.”

⁴Dieselfde nag het daar egter iets gebeur: die woord van die Here het tot Natan gekom en vir hom gesê:

⁵“Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Wil jy vir My 'n huis bou om in te woon?

⁶Vandat Ek die Israeliete uit Egipte laat trek het tot nou toe het Ek nog nooit in 'n huis gewoon nie. Ek het in tent en tabernakel rondgeswerf

⁷saam met al die Israeliete. Het Ek ooit vir een van die stamme wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te neem, gesê: ‘Waarom bou julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?’

⁸“Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers.

⁹Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde.

¹⁰Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen

¹¹toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal jou rus gee van al jou vyande. Ek maak aan jou bekend dat Ek vir jou 'n koningshuis gaan vestig.

¹²Wanneer jy te sterwe kom en jy by jou voorvaders rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee.

¹³Hy sal vir my Naam 'n huis bou, en Ek sal sy koningskap vir altyd laat voortbestaan.

¹⁴Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. As hy ontrou is, sal Ek mense gebruik om hom te straf, hom te kasty.

¹⁵Maar my trou sal Ek nie aan hom onttrek soos Ek dit aan Saul onttrek het om vir jou plek te maak nie.

¹⁶Jou koningshuis en jou koningskap sal vir altyd vas staan; jou troon sal altyd voortbestaan.”

¹⁷Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra.

¹⁸Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: “Wie is ek, Here my God, en wie is my nageslag dat U my só ver gebring het?

¹⁹Selfs dít was vir U nog nie genoeg nie, Here: U het ook nog vir die nageslag van u dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak. Wat 'n toesegging aan 'n mens, Here my God!

²⁰“Wat sou ek, Dawid, nog verder vir U kon sê? U ken immers u dienaar, Here.

²¹U het hierdie groot ding gedoen omdat dit u besluit en wil was en boonop het U dit nog aan u dienaar bekend gemaak.

²²Daarom, groot is U, Here my God! Daar is niemand soos U nie. Buiten U is daar geen God nie, van hoeveel gode ons ook al gehoor het.

²³Watter volk is soos u volk Israel? Hulle is die een nasie op die aarde wat U vir U as volk vry gemaak het. U het u Naam bekend gemaak en in hierdie land aan nasies en hulle gode groot en vreeslike dinge gedoen ter wille van u volk wat U vir U uit Egipte vry gemaak het.

²⁴U het u volk Israel vir U gevestig as 'n volk wat vir altyd aan U behoort. En U, Here, U het hulle God geword.

²⁵En nou, Here God, bevestig tog vir altyd wat U oor u dienaar en sy nageslag gesê het. Doen tog soos U belowe het,

²⁶sodat u Naam vir altyd groot kan wees as daar gesê word: “ ‘Die Here, die Almagtige, is God van Israel.’ “Laat die nageslag van u dienaar Dawid voor U voortbestaan.

²⁷Here, Almagtige, God van Israel, U het nadruklik vir u dienaar gesê: ‘Ek sal vir jou 'n koningshuis vestig,’ en daarom het u dienaar die vrymoedigheid gehad om hierdie gebed tot U te rig.

²⁸“En nou, Here, U is God. U woorde sal bewaarheid word. U het hierdie goeie belofte aan u dienaar gemaak.

²⁹Begin tog nou en seën die huis van u dienaar om vir altyd in u diens te wees! Here my God, U het gepraat en omdat U seën, is die koningshuis van u dienaar vir altyd geseën.”

2 Samuel 8

Dawid se oorloë en landsadministrasie

(Vgl. 1 Kron. 18:1-17)

¹Hierna het Dawid die Filistyne verslaan. Hy het hulle onderwerp en die mag uit hulle hande geneem.

²Hy het ook die Moabiete verslaan. Hy het hulle groep-groep op die grond laat lê: twee groepe om te laat doodmaak vir elke volle groep wat toegelaat is om te lewe. Moab het onderhorig geword aan Dawid en moes aan hom belasting betaal.

³Toe Dawid sy mag aan die Eufraat gaan herstel het, het hy vir koning Hadad-Eser van Soba, seun van Regob, verslaan.

⁴Van hom het Dawid sewentien honderd oorlogspere en twintig duisend voetsoldate afgevat. Hy het perde vir honderd strydwaens uitgehou en al die ander se hakskeensenings afgesny.

⁵Die Arameërs van Damaskus het vir koning Hadad-Eser van Soba te hulp gekom, maar Dawid het twee en twintig duisend man van Aram verslaan.

⁶Hy het militêre poste in die gebied Aram-Damaskus ingerig, en die Arameërs het aan hom onderhorig geword en moes aan hom belasting betaal. Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het.

⁷Hy het die goue skilde van Hadad-Eser se offisiere afgevat en dit na Jerusalem toe gebring.

⁸In Tebag en Berotai, twee stede van Hadad-Eser, het hy op 'n groot klomp brons beslag gelê.

⁹Toe koning Toï van Hamat hoor dat Dawid die hele leer van Hadad-Eser verslaan het,

¹⁰het hy sy seun Joram na koning Dawid toe gestuur. Hy moes hom sy groete oorbring en hom gelukwens met sy oorwinning oor Hadad-Eser, want Hadad-Eser het kort-kort vir Toï aangeval. Joram het vir Dawid allerlei artikels van silwer en goud en brons gebring.

¹¹Koning Dawid het dit alles aan die Here gewy, en so ook die silwer en goud van al die nasies wat hy onderwerp het,

¹²naamlik Aram, Moab, Ammon, die Filistyne en Amalek. Hy het dieselfde gedoen met sy buit van koning Hadad-Eser van Soba, seun van Regob.

¹³Na sy oorwinning oor Aram het Dawid vir hom naam gemaak toe hy agtien duisend man van Edom in die Soutvlakte verslaan het.

¹⁴Hy het oral in Edom militêre poste ingerig, en die hele Edom het aan hom onderhorig geword. Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het.

¹⁵Dawid was koning oor die hele Israel en hy het sy hele volk met reg en billikheid geregeer.

¹⁶Joab seun van Seruja is aangestel oor die weermag, en Josafat seun van Agilud was hoof uitvoerende beampte.

¹⁷Sadok seun van Agitub, en Agimelek seun van Abjatar was priesters, en Seraja was staatsekretaris.

¹⁸Jojada se seun Benaja is aangestel oor die koning se Filistynse lyfwag. Dawid se seuns was priesters.

2 Samuel 9

Dawid neem Mefiboset onder sy sorg

¹Op 'n dag het Dawid gevra: “Het daar nie miskien iemand uit Saul se familie oorgebly nie? Ek sou hom graag onder my sorg wil neem ter wille van Jonatan.”

²Hulle het toe vir Siba, 'n amptenaar van Saul se hofhouding, na hom toe laat roep. “Is jy Siba? ” vra die koning hom. Hy antwoord: “Ek is u onderdaan.”

³“Is daar nie miskien iemand uit Saul se familie oor nie? ” wou die koning weet. “Ek wil hom 'n besondere guns bewys.” “Daar is nog 'n kreupel seun van Jonatan,” was Siba se antwoord aan die koning.

⁴“Waar is hy? ” vra die koning hom toe, en hy het geantwoord: “Hy is in die huis van Ammiël se seun Makir in Lo-Dabar.”

⁵Koning Dawid het hom toe laat haal uit Makir se huis in Lo-Dabar.

⁶Toe Mefiboset seun van Saul se seun Jonatan by Dawid kom, het hy op sy knieë geval voor Dawid en gebuig. “Mefiboset? ” vra Dawid. “Ek is u onderdaan,” antwoord hy.

⁷Dawid sê vir hom: “Moenie bekommerd wees nie, want ek het besluit om jou onder my sorg te neem ter wille van Jonatan jou pa. Ek gaan al die grond van jou oupa Saul aan jou teruggee, en boonop sal jy van nou af by my aan huis eet.”

⁸Hy het weer voor Dawid gebuig en gesê: “Wat is ek tog dat u aandag gee aan 'n dooie hond soos ek? ”

⁹Dawid het vir Siba die amptenaar van Saul geroep en hom beveel: “Alles wat aan Saul en sy familie behoort het, gee ek aan sy kleinseun.

¹⁰Jy en jou seuns en jou slawe moet vir hom die lande bewerk en die oes insamel sodat daar kos kan wees vir sy huishouding, en sodat hulle kan eet. Maar Mefiboset die kleinseun van Saul sal van nou af by my aan huis eet.” Siba het vyftien seuns en twintig slawe gehad.

¹¹Hy het die koning geantwoord: “Ek is u onderdaan, ek sal doen net soos die koning my beveel het, en Mefiboset sal by u aan huis eet soos u eie kind.”

¹²Mefiboset het 'n klein seuntjie gehad wie se naam Miga was. Die hele huishouding van Siba moes vir Mefiboset bedien.

¹³Mefiboset, wie se voete gebreklik was, het in Jerusalem gebly, want hy het van toe af by die koning aan huis geëet.

2 Samuel 10

Die Ammoniete beledig Dawid se boodskappers

(Vgl. 1 Kron. 19:1-15)

¹Na hierdie gebeure is die koning van die Ammoniete oorlede. Sy seun Ganun het hom opgevolg,

²en Dawid het gedink: “Ek wil met Nagas se seun Ganun op goeie voet bly, want sy pa was my goedgesind.” Dawid het toe gesante na hom toe gestuur om

deelneming te betuig met die dood van sy pa. Toe die gesante van Dawid in die land van die Ammoniete kom,

³het die leiers van die Ammoniete vir hulle koning Ganun gesê: “Dink u werklik Dawid vereer u vader deur gesante te stuur om met u te simpatiseer? Het hy nie eerder gesante na u toe gestuur om die stad deur te kyk en te verken sodat hy dit kan oorweldig nie? ”

⁴Ganun het toe Dawid se gesante gevat en die een kant van hulle baard afgeskeer, hulle klere net onderkant die heupe afgesny en hulle gelos.

⁵Dit is aan Dawid meegedeel. Hy het toe boodskappers na hulle toe gestuur, want die manne was baie skaam. Die koning het laat weet: “Bly voorlopig in Jerigo totdat julle baard gegroei het en kom dan huis toe.”

⁶Die Ammoniete het geweet dat hulle hulle by Dawid in onguns gebring het. Hulle het toe 'n afvaardiging gestuur en by die Arameërs van Bet-Regob en by dié van Soba twintig duisend voetsoldate gehuur; by koning Maäka het hulle duisend gehuur en by Is-Tob twaalf duisend.

⁷Toe Dawid dit verneem, het hy Joab met die hele leer gestuur, almal dapper manne.

⁸Die Ammoniete het uitgegaan en voor die stadspoort stelling ingeneem, en die Arameërs van Soba, Regob, Is-Tob en Maäka was op hulle eie in die oop veld.

⁹Joab het opgemerk dat hy aan twee kante sou moes veg, voor en agter. Hy het toe 'n aantal van die beste manne uit Israel gekies en teenoor die Arameërs laat stelling inneem.

¹⁰Die res van die leer het hy onder aanvoering van sy broer Abisai teenoor die Ammoniete laat stelling inneem.

¹¹Hy het gesê: “As die Arameërs vir my te sterk is, moet jy my kom help, en as die Ammoniete vir jou te sterk is, sal ek jou kom help.

¹²Wees dapper en ons sal ook dapper wees ter wille van ons volk en die stede van ons God. Mag die Here doen soos Hy dit goedvind! ”

¹³Joab en sy manne het opgeruk om teen die Arameërs te veg, maar hulle het vir hom gevlug.

¹⁴Toe die Ammoniete gewaar dat die Arameërs vlug, het hulle ook vir Abisai gevlug en die stad ingegaan. Joab is toe van die Ammoniete af weg na Jerusalem toe.

Dawid verslaan die Arameërs

(Vgl. 1 Kron. 19:16-19)

¹⁵Toe die Aramese state sien dat hulle deur die Israeliete verslaan is, het hulle 'n bondgenootskap gesluit.

¹⁶Hadad-Eser het naamlik afvaardigings gestuur en die Arameërs van oorkant die Eufraat af laat kom. Hulle leer het gekom, en Sobak, die hoof van Hadad-Eser se leer, het die leiding geneem.

¹⁷Toe Dawid die berig kry, het hy die hele Israel bymekaargemaak, die Jordaans oorgesteek en by Gelam gekom. Die Arameërs het teenoor hom stelling ingeneem en die stryd aangeknoop.

¹⁸Aram het egter vir Israel gevlug. Dawid het sewe honderd man op strydwaens en veertig duisend oorlogspere van Aram om die lewe gebring. Hy het verder ook vir Sobak, die hoof van hulle leer, so ernstig gewond dat hy daar gesterf het.

¹⁹Toe al die konings wat onderhorig was aan Hadad-Eser, besef dat hulle deur Israel verslaan is, het hulle vrede gesluit met Israel en aan hom onderhorig geword. Die Arameërs was bang om weer die Ammoniete te help.

2 Samuel 11

Dawid pleeg owerspel en moord

¹In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik optrek om oorlog te maak, het Dawid op 'n keer vir Joab en sy soldate en die hele Israel uitgestuur. Hulle het die Ammoniete verslaan en Rabba beleër, maar Dawid het in Jerusalem agtergebly.

²Eendag het hy na sy middagslapie opgestaan en op die dak van die paleis gaan rondstap. Van die dak af het hy 'n vrou sien bad. Sy was 'n baie mooi vrou.

³Dawid het oor haar laat navraag doen, en iemand het gesê: “Dit is Batseba dogter van Eliam, die vrou van Urija die Hetiet.”

⁴Dawid het toe amptenare gestuur en haar laat haal. Dit was nadat sy haar reinigingsbad geneem het na haar maandstonde. Sy het na hom toe gekom, en hy het by haar geslaap. Daarna is sy terug huis toe.

⁵Die vrou het swanger geword en vir Dawid laat weet: “Ek is swanger.”

⁶Dawid het op sy beurt 'n boodskap na Joab toe gestuur: “Stuur vir Urija die Hetiet hiernatoe.” Joab het hom na Dawid toe gestuur.

⁷Urija het by hom gekom, en Dawid het hom gevra hoe gaan dit met Joab en die leër, en hoe vorder die oorlog.

⁸Hierna het Dawid vir Urija gesê: “Gaan nou maar huis toe en rus 'n bietjie.” Toe Urija uit die paleis gaan, het die koning ook nog 'n geskenk agter hom aangestuur.

⁹Maar Urija wou nie huis toe gaan nie en het by die paleisdeur gaan slaap saam met die slawe van die koning.

¹⁰Hulle het vir Dawid gaan sê: “Urija was nie huis toe nie.” Dawid vra toe vir Urija: “Jy was mos lank weg, waarom gaan jy nie huis toe nie? ”

¹¹Sy antwoord was: “Sou ek huis toe gaan om te eet en fees te vier en by my vrou te slaap, terwyl die ark en Israel saam met Juda in hutte woon en my aanvoerder Joab sowel as u soldate in die oop veld kamp opslaan? Dit sal ek beslis nooit doen nie! ”

¹²Dawid het Urija toe beveel: “Bly vandag nog hier! Môre stuur ek jou terug.” Urija het daardie dag en die dag daarna in Jerusalem vertoef.

¹³Toe het Dawid hom geroep en saam met hom geëet en gedrink. Hy het hom selfs dronk gemaak. Maar die aand het Urija uitgegaan om op sy gewone plek

saam met die slawe van die koning te gaan slaap. Hy het nie huis toe gegaan nie.

¹⁴Die volgende oggend het Dawid 'n brief aan Joab geskryf en saam met Urija gestuur.

¹⁵In dié brief het hy geskryf: “Gee tog aan Urija 'n plek op die voorpunt waar die geveg kwaai is. Val dan terug sodat hy in die slag kan bly en sneuwel.”

¹⁶Terwyl Joab die stad beleër, het hy Urija op 'n plek gesit waar hy geweet het daar is dapper teenstanders.

¹⁷Die burgers van die stad het uitgekom en teen Joab geveg. Daar het van Dawid se soldate gesneuwel, en Urija die Hetiet het ook omgekom.

¹⁸Joab het Dawid laat inlig oor die verloop van die geveg.

¹⁹Hy het die boodskapper beveel: “As jy vir die koning die verloop van die geveg klaar vertel het

²⁰en net as hy begin kwaad word en jou vra: ‘Waarom het julle so naby die stad gaan veg? Het julle nie gedink aan die mense wat bo van die muur af skiet nie?

²¹Wie het vir Abimelek seun van Jerubbeset doodgemaak? Is dit nie 'n vrou wat 'n maalklip bo van die muur af op hom gegooi het, sodat hy in Tebes gesterf het nie? Waarom het julle so naby die muur gekom? ’ dan moet jy sê: Ook u manskap Urija die Hetiet het gesneuwel.”

²²Die boodskapper het vir Dawid alles gaan vertel wat Joab hom beveel het.

²³Hy het vir Dawid gesê: “Die vyand het dapper teen ons geveg. Hulle het tot in die oop veld na ons toe uitgekom en toe ons hulle tot by die stadspoort terugdruk,

²⁴het die boogskutters bo van die muur af u manskappe begin raakskiet. So het party van die koning se soldate gesneuwel, en ook Urija die Hetiet het so gesterf.”

²⁵Dawid het die boodskapper beveel: “Sê vir Joab: ‘Jy moet jou dit nie te veel aantrek nie. Dit gebeur nou maar eenmaal so dat mense sneuwel. Veg dapper in jou stryd teen die stad en verwoes dit.’ En praat hom moed in.”

²⁶Urija se vrou het gehoor dat haar man dood is en sy het oor hom getreur.

²⁷Toe die routyd oor was, het Dawid haar na sy huis toe laat haal. Sy het sy vrou geword en vir hom 'n seun in die wêreld gebring. Maar wat Dawid gedoen het, was verkeerd in die oë van die Here.

2 Samuel 12

Natan kondig Dawid se straf aan

¹Daarna het die Here vir Natan na Dawid toe gestuur. Natan het by hom gekom en gesê: “Daar was twee mans in dieselfde plek. Die een was ryk en die ander arm.

²Die ryke het groot troppe kleinvee en beeste gehad.

³Behalwe een ou ooilammetjie het die arm man niks besit nie. Hy het haar aan die lewe gehou, en sy het saam met sy kinders grootgeword. Sy het van sy krummeltjies geëet, uit sy beker gedrink en op sy skoot geslaap. Ja, sy was vir hom soos 'n eie dogter.

⁴Daar het 'n besoeker by die ryk man gekom en hy kon dit nie oor sy hart kry om van sy eie kleinvee of beeste te vat en vir die reisiger te slag nie. Toe vat hy die ooilam van die arm man en slag haar vir sy gas.”

⁵⁻⁶Dawid het hom bloedig vererg oor die man en vir Natan gesê: “So seker as die Here leef, 'n man wat dit oor sy hart kon kry om so iets te doen, moet doodgemaak word, en hy moet viervoudig vir die ooilam vergoed.”

⁷“Jy is die man!” sê Natan toe vir Dawid. “So sê die Here die God van Israel: Ek het jou tot koning van Israel gesalf. Ek het jou teen Saul beskerm.

⁸Ek het aan jou die koningskap van Saul gegee en boonop nog sy vrouens ook. Ek het die koningskap oor Israel en Juda aan jou gegee. En as dit nog te min was, sou Ek enigiets daar wou bygee.

⁹Waarom het jy nou die woord van die Here geminag deur so 'n verkeerde ding te doen? Jy het Urija die Hetiet met die swaard doodgemaak en toe sy vrou vir jou gevat. Ja, jy het hom vermoor met die swaard van die Ammoniete.

¹⁰“Daarom sal die swaard nou nooit meer uit jou huis weggaan nie, want jy het My geminag toe jy Urija die Hetiet se vrou vir jou gevat het.

¹¹“So sê die Here: Van nou af gaan Ek uit jou eie huis ellende oor jou bring. Ek sal jou vrouens voor jou oë vat en aan iemand anders gee. Hy sal by jou vrouens slaap oop en bloot,

¹²want jy het 'n ding in die geheim gedoen, maar Ek sal alles oop en bloot voor die hele Israel doen.”

¹³Toe sê Dawid vir Natan: “Ek het gesondig teen die Here.” En Natan sê vir hom: “Die Here het jou sonde vergewe: jy sal nie nou sterwe nie.

¹⁴Maar omdat jy deur hierdie daad die vyande van die Here aanleiding gegee het om Hom te laster, sal hierdie selfde kind wat vir jou gebore is, sterwe.”

¹⁵Natan het huis toe gegaan, en die Here het die kind wat Urija se vrou vir Dawid in die wêreld gebring het, getref. Die kind het ernstig siek geword.

¹⁶Dawid het tot God gebid vir die kind. Hy het hom verootmoedig deur aanhoudend te vas, hom terug te trek en op die grond te lê.

¹⁷Die hoofde van sy huishouding het hom probeer oorreed om van die grond af op te staan, maar hy wou nie. Hy het nie saam met hulle aan tafel verskyn nie.

¹⁸Op die sewende dag het die kind gesterwe, en Dawid se amptenare was bang om hom te vertel dat die kind dood is. Hulle het gesê: “En nou? Toe die kind nog gelewe het, het ons met die koning gepraat, en hy het nie na ons geluister nie. Hoe kan ons nou vir hom sê die kind is dood? Hy sal 'n onbesonne ding aanvang.”

¹⁹Dawid het agtergekom dat sy amptenare onder mekaar fluister en hy het afgelei dat die kind dood is. “Is die kind dood? ” het hy gevra. “Hy is dood,” was hulle antwoord.

²⁰Toe het Dawid van die grond af opgestaan. Hy het gaan was, reukolie aangesmeer, aangetrek en na die heiligdom toe gegaan om te aanbid. Hierna is hy huis toe en het hy kos gevra. Hulle het hom 'n ete voorgesit en hy het geëet.

²¹Sy amptenare vra hom toe: “Wat doen u nou? Toe die kind nog gelewe het, het u gevas en gehuil. Nou dat die kind dood is, staan u op en u eet? ”

²²Sy antwoord was: “Terwyl die kind nog gelewe het, het ek gevas en gehuil, want ek het gedink: wie weet, dalk is die Here my genadig, en dan sal die kind lewe.

²³Maar nou is hy dood. Waarom moet ek nog vas? Kan ek hom na my toe laat terugkom? Ek gaan na hom toe; hy kan nie na my toe terugkom nie.”

²⁴Daarna het Dawid sy vrou Batseba getroos. Hy het by haar slaapkamer ingegaan en by haar geslaap. Sy het 'n seun in die wêreld gebring, en Dawid het hom Salomo genoem. Die Here het hom liefgehad

²⁵en het hom deur die profeet Natan Jedidja laat noem, wat beteken: “die Here het hom lief”.

Dawid onderwerp die Ammoniete

(Vgl. 1 Kron. 20:1-3)

²⁶Joab het Rabba, die hoofstad van die Ammoniete, aangeval. Nadat hy die koninklike woonbuurt beset het,

²⁷het hy 'n boodskap na Dawid toe gestuur: “Ek het Rabba aangeval en ek het reeds die ommuurde waterbron verower.

²⁸Roep tog nou die res van die burgers op en kom beleër die stad. Neem ú dit in sodat ek nie self die stad verower en dit dus my eiendom word nie.”

²⁹Dawid het al die burgers opgeroep en teen Rabba gaan veg en dit ingeneem.

³⁰Hy het die kroon van hulle koning se kop afgehaal. Die kroon was van goud, sowat vier en dertig kilogram, en het 'n kosbare steen bevat. Dit het nou op Dawid se kop gekom, en hy het ook 'n groot buit uit Rabba saamgevat.

³¹Hy het die burgers van Rabba weggevoer en hulle aan die werk gesit met saag, ysterbeitel en byl; party het hy by die steenoonde laat werk. So het hy teenoor al die Ammonitiese stede opgetree. Daarna het hy en al die burgers na Jerusalem toe teruggegaan.

2 Samuel 13

Amnon onteer vir Tamar

¹Toe het daar 'n ding gebeur. Dawid se seun Absalom het 'n mooi suster gehad met die naam Tamar. Amnon, 'n ander seun van Dawid, het op haar verlief geraak.

²Hy was siek van begeerte na sy suster Tamar, want sy was nog 'n maagd en dit was vir hom onmoontlik om by haar te kom en iets aan haar te doen.

³Amnon het 'n vriend gehad. Sy naam was Jonadab, 'n seun van Dawid se broer Samma, en hy was 'n vindingryke man.

⁴“Waarom lyk jy wat 'n koningskind is, dag vir dag so bedruk? ” het hy vir Amnon gevra. “Vertel my! ” “Dis Tamar, my broer Absalom se suster,” was sy antwoord. “Ek is verlief op haar.”

⁵Jonadab het hom toe aangeraai: “Gaan lê op jou bed en maak of jy siek is. As jou pa dan kom kyk hoe dit gaan, moet jy vir hom sê: Laat my suster Tamar tog vir my iets te ete bring. Laat sy die ete hier by my kom voorberei dat ek dit kan sien, want ek wil uit haar eie hande eet.”

⁶Amnon het gaan lê en hom siek gehou. Toe die koning kom kyk hoe dit gaan, het Amnon vir hom gevra: “Laat my suster Tamar tog asseblief vir my twee hartvormige broodjies hier voor my kom bak sodat ek dit uit haar hande kan eet.”

⁷Dawid het 'n boodskap na Tamar by haar woonplek gestuur: “Kom tog na jou broer Amnon se woonplek toe en berei vir hom 'n ete voor.”

⁸Tamar het na haar broer se huis toe gekom terwyl hy op sy bed gelê het. Sy het deeg gevat en geknie en die broodjies voorberei en gebak waar hy dit kon sien.

⁹Maar toe sy die pan neem en dit vir hom neersit, het Amnon geweier om te eet. Hy het beveel: “Gaan julle ander almal weg hier van my af.” Toe hulle weg is,

¹⁰het Amnon vir Tamar gesê: “Bring jy die kos hier na die kamer toe sodat ek dit uit jou hand kan eet.” Tamar het die broodjies wat sy gereed gemaak het, na haar broer in die kamer gebring.

¹¹Net toe sy naby hom kom om hom te laat eet, gryp hy haar vas en sê vir haar: “My suster, kom lê hier by my.”

¹²“Nee, my broer,” sê sy vir hom, “moet my nie onteer nie, want so iets word nie in Israel gedoen nie. Moet nou nie 'n dwaas ding doen nie.

¹³Hoe sal ek my skande kan wegsteek? En jý sal in die oë van Israel 'n dwaas wees. Praat liewer met die koning, want hy sal ons toelaat om te trou.”

¹⁴Amnon wou nie na haar luister nie. Hy het haar gepak en verkrag.

¹⁵Maar daarna het hy haar verag; hy het 'n groot afsku in haar gekry, en sy afsku was baie groter as sy verliefdheid. Hy het toe vir haar gesê: “Loop! ”

¹⁶Maar sy sê vir hom: “Moenie die skande wat jy my aangedoen het, vererger deur my weg te jaag nie.” Hy wou nie na haar luister nie

¹⁷en beveel toe sy slaaf wat hom bedien: “Smyt hierdie vroumens uit en sluit die deur agter haar! ”

¹⁸Volgens die gebruik van koningsdogters wat nog maagde was, het sy 'n lang mantel met moue aangehad. Nadat die slaaf haar uitgesit en die deur gesluit het,

¹⁹het Tamar stof op haar kop gegooi. Sy het haar lang mantel geskeur, haar hand op haar kop gesit en sover sy loop, het sy geskreeu.

²⁰Haar broer Absalom het toe vir haar gesê: “Was jou broer Amnon by jou? Toe maar, my suster, bly nou maar stil. Hy is jou broer. Moet jou nie hieroor verknies nie.” Tamar het toe in haar broer Absalom se huis gaan bly en sy was 'n wrak.

²¹Koning Dawid het van alles gehoor en hy was woedend.

²²Absalom het nie 'n enkele woord met Amnon gepraat nie, maar hy het hom gehaat omdat hy sy suster Tamar onteer het.

Absalom vermoor vir Amnon

²³Twee jaar later was Absalom besig om sy skape te laat skeer in Baäl-Gasor in Efraim. Hy het al die seuns van die koning uitgenooi.

²⁴Hy het naamlik na die koning toe gegaan en gesê: “Ekskuus tog, ek gaan my skape skeer. Wil die koning en sy paleispersoneel nie miskien na my toe kom nie? ”

²⁵“Nee, my seun, beslis nie,” was die koning se antwoord. “Ons kan nie almal gaan en vir jou 'n oorlas wees nie.” Ten spyte van sy aandrang wou die koning nie gaan nie, maar tog het hy hom voorspoed toegewens.

²⁶Absalom vra hom toe: “Kan my broer Amnon dan nie maar saamgaan nie? ” “Waarom juis hy? ” vra die koning.

²⁷Absalom het by hom daarop aangedring, en die koning het Amnon en al die koningseuns laat gaan.

²⁸Absalom het sy lyfwagte beveel: “Julle moet oplet: net as Amnon lekker jolig raak van die wyn, sal ek vir julle die teken gee. Slaan hom dood. Moenie bang wees nie: ek gee mos self die bevel. Pak hom. Moenie weifel nie.”

²⁹Die lyfwagte van Absalom het met Amnon gemaak soos hulle beveel is. Toe het al die ander koningseuns elkeen op sy muil gespring en gevlug.

³⁰Terwyl hulle nog op pad terug was, het die volgende gerug Dawid bereik: “Absalom het al die koningseuns doodgemaak. Daar het nie 'n enkele oorgebly nie.”

³¹Die koning het van sy troon afgeklim, sy klere geskeur en op die grond gaan lê. Al sy onderdane het ook hulle klere geskeur en by hom kom staan.

³²Maar Jonadab seun van Dawid se broer Samma het gesê: “U moet tog nie dink hulle het al die jongmanne, die koning se seuns, doodgemaak nie. Net Amnon is dood. Waarlik, daar was moord in Absalom se oë vandat Amnon sy suster Tamar onteer het.

³³“Die koning moet nou nie die gerug dat al sy seuns dood is, ernstig opneem nie: net Amnon is dood.”

³⁴Absalom het weggevlug. Terwyl 'n paleiswag uitkyk, sien hy meteens 'n groot klomp mense uit die rigting van die bergskuiling aankom.

³⁵“Kyk daar kom die koning se seuns,” het Jonadab vir die koning gesê. “Dit is net soos ek gesê het.”

³⁶Net na hierdie woorde het die koningseuns ingekom. Hulle het hardop begin huil, en die koning en al sy dienaars het bitterlik saamgehuil.

³⁷Absalom het na koning Talmai van Gesur, seun van Ammigur toe gevlug, maar koning Dawid het die hele tyd net oor sy seun Amnon getreur.

³⁸Absalom het na sy vlug drie jaar in Gesur gebly.

³⁹Omdat koning Dawid hom met die dood van Amnon versoen het, het hy nie teen Absalom gaan oorlog maak nie.

2 Samuel 14

Joab se plan om vir Absalom te laat terugkom, slaag

¹Joab seun van Seruja het agtergekom dat die koning na Absalom verlang.

²Toe ontbied hy 'n slim vrou van Tekoa af en sê vir haar: “Jy moet baie hartseer lyk. Trek rouklere aan en moenie skoonheidsmiddels gebruik nie. Gedra jou soos 'n vrou wat al lank rou oor iemand wat dood is.

³Gaan na die koning toe en praat met hom soos ek vir jou sê.” Hy het haar toe voorgesê wat om te sê.

⁴Die vrou van Tekoa het toe 'n onderhoud met die koning gehad. Sy het voor hom op haar knieë geval en gebuig. “Help my tog, U Majesteit,” het sy gesmeek.

⁵“Wat makeer? ” wou die koning weet. “Ag, ek is 'n arme weduwee; my man is dood,” het sy gesug.

⁶“Ek het twee seuns. Die twee het in die veld gebaklei, en daar was niemand om hulle uitmekaar te maak nie. Toe slaan die een die ander dood.

⁷En om dit nog erger te maak, is die hele familie nou teen my. Hulle eis: ‘Gee die kind wat sy broer doodgeslaan het. Ons wil hom doodmaak omdat hy sy broer doodgeslaan het. Al is hy die enigste erfgenaam, wil ons hom om die lewe bring.’ Hulle wil die enigste hoop wat vir my oor is, uitwis. Hy sal dus nie die familienaam kan voortsit nie, en daar sal niks van my man op die aarde oorbly nie.”

⁸“Gaan maar huis toe,” sê die koning vir haar. “Ek sal self jou saak behartig.”

⁹Maar die vrou sê: “U Majesteit, dit is ek en my gesin wat by hierdie saak betrokke is, nie u en u troon nie.”

¹⁰Toe antwoord die koning: “As iemand net weer hieroor met jou praat, moet jy hom na my toe bring, en hy sal jou nie weer lastig val nie.”

¹¹Maar die vrou sê: “Sal die koning tog nie in die Naam van die Here u God onder eed verklaar dat die mense wat my seun moet straf, nie te ver sal gaan en hom doodmaak nie? Hulle moet hom tog nie om die lewe bring nie.” Toe sê die koning: “Ek verklaar voor die Here: Daar sal nie 'n haar van jou seun op die grond val nie.”

¹²“Mag ek miskien net nog 'n enkele woord tot die koning rig? ” vra die vrou. “Praat maar,” het die koning geantwoord.

¹³Toe sê die vrou: “Waarom pleeg u dan 'n onreg teen die volk van God? Terwyl u hierdie uitspraak gelewer het, het u uself skuldig verklaar, omdat u weier om u verjaagde seun te laat terugkom.

¹⁴Ons sal almal sterf en soos water wees wat op die grond uitgegooi is en nie weer bymekaargemaak kan word nie. God wil geen lewe neem nie, Hy berei 'n weg om die voortvlugtige nie te verstoot nie.

¹⁵Ek het nou hierdie saak met die koning kom bespreek omdat die mense my bang gemaak het. Ek het gedink ek wil met die koning praat. Miskien doen die koning iets aan my saak.

¹⁶Die koning sal beslis luister en my red uit die hand van dié mense wat my en my seun wil uitroei uit die volk van God.

¹⁷Verder het ek gedink miskien sal die uitspraak van die koning 'n gerusstelling wees, want u is soos 'n engel van God wat na alles luister. Mag die Here u God met u wees.”

¹⁸Die koning het vir die vrou gesê: “Jy moet asseblief niks vir my wegsteek van wat ek jou nou gaan vra nie.” Sy antwoord toe: “Die koning kan maar praat.”

¹⁹Toe vra die koning: “Sit Joab nie agter hierdie ding nie?” Die vrou antwoord: “Ja-nee, U Majesteit, niemand kan u om die bos lei nie. Dit is so. Joab wat in u diens staan, het my dié opdrag gegee. Hy het my haarfyn vertel wat om te sê.

²⁰Joab het dit gedoen om 'n verandering in die loop van sake te bring. Maar u praat byna met die wysheid van 'n engel van God: u weet werklik alles.”

²¹Daarna het die koning vir Joab gesê: “Ek het nou eenmaal in die strik getrap. Gaan haal nou maar my seun Absalom.”

²²Joab het voor die koning op sy knieë geval en gebuig. Hy het die koning geprys met die woorde: “Vandag weet ek dat u my goedgesind is, want u het gedoen wat ek gevra het.”

²³Hy het toe opgestaan, na Gesur toe gegaan en vir Absalom na Jerusalem toe gebring.

²⁴Maar die koning het beveel: “Laat hom na sy eie huis toe gaan. Vir my mag hy nie sien nie.” Daarom is Absalom huis toe sonder om die koning te sien.

Absalom maak 'n plan om met die koning te praat

²⁵In die hele Israel was daar niemand so mooi soos Absalom nie. Die mense het oral daaroor gepraat. Van kop tot tone het hy nie 'n enkele gebrek gehad nie.

²⁶Teen die einde van die jaar het hy gewoonlik sy hare geskeer, want dit het te swaar geword. Volgens koninklike skaal het sy afgeskeerde hare meer as twee kilogram geweeg.

²⁷Absalom het drie seuns en 'n dogter gehad. Die dogter se naam was Tamar, en sy was 'n baie mooi meisie.

²⁸Hy was al twee jaar in Jerusalem terug sonder dat hy die koning gesien het.

²⁹Toe laat Absalom vir Joab roep om hom na die koning toe te stuur, maar Joab wou nie kom nie. Hy het hom 'n tweede keer laat roep, maar hy het weer geweier om te kom.

³⁰Absalom sê toe vir sy slawe: “Kyk, Joab het 'n stuk land net hier langs my. Hy het gars daarop. Gaan steek dit aan die brand.” Die slawe van Absalom het toe so gemaak.

³¹Toe het Joab gou na Absalom se huis toe gekom. “En waarom steek jou slawe my stuk land aan die brand?” vra Joab vir hom.

³²Hy het geantwoord: “Man, kyk, ek het jou laat weet: ‘Kom hiernatoe; ek wil jou na die koning toe stuur om te vra waarom ek uit Gesur gekom het.’ Dit sou vir my beter gewees het as ek nog daar was. Ek wil nou met die koning praat. As ek skuldig is, laat hy my dan doodmaak.”

³³Joab het dit aan die koning gaan meedeel. Toe laat roep die koning vir Absalom, en hy het gekom. Hy het diep voor die koning gebuig, en die koning het hom gesoen.

2 Samuel 15

Absalom steel die harte van die volk

¹Daarna het Absalom vir hom 'n kar en perde aangeskaf. Vyftig man het gewoonlik voor hom uit gehardloop.

²Hy het soggens vroeg opgestaan en langs die pad by die stadspoort gaan staan. Hy het elkeen wat met sy saak vir 'n beslissing na die koning toe gekom het, na hom toe geroep. “Uit watter stad is jy? ” vra hy dan. As die man antwoord: “Ek is 'n Israeliet,”

³sê Absalom vir hom: “Kyk, jy het 'n sterk, regverdige saak, maar by die koning sal niemand na jou luister nie.”

⁴Dan voeg Absalom by: “As ék maar net as regter in hierdie land aangestel word, sou ek 'n regverdige uitspraak lewer vir elkeen wat met 'n geding of saak na my toe kom.”

⁵As so iemand nader kom om voor hom te buig, slaan Absalom sy arms om hom en soen hom.

⁶So het hy gemaak met al die Israeliete wat vir regspraak na die koning toe gekom het, en op hierdie manier het hy die burgers se harte gesteel.

Absalom kom in opstand teen Dawid

⁷Na vier jaar het Absalom vir die koning gesê: “Ek wil graag my gelofte wat ek teenoor die Here afgelê het, in Hebron gaan betaal,

⁸want terwyl ek op Gesur in Aram gebly het, het ek beloof: As die Here my veilig na Jerusalem toe laat terugkom, sal ek Hom met 'n offer vereer.”

⁹Die koning het geantwoord: “Gaan gerus maar.” Hy het toe klaargemaak en na Hebron toe gegaan.

¹⁰Absalom het ook boodskappers na al die Israelitiese stamme toe gestuur om te sê: “As julle die ramshoring hoor, moet julle sê: Absalom het koning geword in Hebron.”

¹¹Saam met Absalom was daar twee honderd genooïdes wat te goeder trou uit Jerusalem saamgegaan het. Van die hele sameswering het hulle niks geweet nie.

¹²Absalom het ook Dawid se adviseur Agitofel die Giloniet laat kom uit die stad Gilo waar hy besig was om offers te bring. So het die sameswering ernstige afmetings aangeneem, en die volk het al hoe meer na Absalom toe oorgeloop.

Dawid vlug uit Jerusalem uit

¹³Toe kom daar iemand by Dawid met die berig: “Die hele Israel is aan Absalom se kant.”

¹⁴Dawid het toe sy hele hofhouding wat by hom in Jerusalem was, beveel: “Maak klaar. Laat ons vlug, want Absalom sal geen genade vir ons hê nie. Maak gou voordat hy ons dalk inhaal en 'n groot ramp ons tref deurdat hy 'n bloedbad in die stad aanrig.”

¹⁵Hulle het die koning geantwoord: “Net soos die koning verkies. Ons is gereed.”

¹⁶Nadat hy tien byvrouens agtergelaat het om die paleis op te pas, het die koning en sy hele hofhouding te voet gevlug.

¹⁷Hy en al die inwoners het die stad te voet verlaat. By die laaste huis het hulle gaan staan.

¹⁸Daar het hy al sy amptenare by hom laat verbygaan; so ook sy hele lyfwag en al ses honderd man wat hom uit Gat gevolg het. Terwyl die mense voor die koning verbytrek,

¹⁹vra hy vir Ittai die man uit Gat: “Waarom gaan jý ook saam met ons? Draai om en bly by die nuwe koning. Jy is 'n uitlander en uit jou eie gebied verban.

²⁰Jy het maar onlangs hier aangekom, en nou maak ek jou dakloos as ek jou saam met ons laat gaan. Ek weet nie waar ek sal beland nie. Draai om en laat jou volksgenote ook omdraai. Dit is immers aan jou dat hulle trou en lojaliteit verskuldig is.”

²¹Ittai sê toe vir die koning: “Ek verklaar voor die Here en voor u: Ek bly by u, my koning in lewe en in dood.”

²²Toe sê die koning: “Kom dan maar saam.” Ittai die Gattiet en al die manne by hom is toe saam, en so ook al die afhanklikes wat by hom was.

²³Al die mense, al die inwoners van die stad, het hardop geloop en huil. Die hele volk en die koning het deur Kedronspruit getrek en toe het die volk in die rigting van die woestyn koers gekies.

²⁴Sadok en al die Leviete wat die verbondsark van God gedra het, was by die koning. Abjatar het ook saamgekom. Hulle het die ark van God neergesit totdat die volk uit die stad was.

²⁵Toe het die koning vir Sadok beveel: “Vat die ark van God terug stad toe. As die Here my dit vergun en my terugbring, sal Hy my die ark en sy heilighdom weer laat sien.

²⁶Maar as die Here sou te kenne gee: ‘Ek is nie meer tevrede met jou nie,’ sal ek dit aanvaar. Dan kan Hy met my maak soos Hy dit goedvind.”

²⁷Verder het die koning vir die priester Sadok gesê: “Sien jy hoe staan sake? Gaan gerus terug stad toe; ook jou seun Agimaäs en Jonatan seun van Abjatar. Die twee seuns moet saam met julle teruggaan.

²⁸En onthou, ek sal by die woestynpas wag totdat ek van julle hoor.”

²⁹Daarna het Sadok en Abjatar die ark van God na Jerusalem toe teruggevat en daar gebly.

³⁰Dawid het die Olyfberg huil-huil uitgeklim en as teken van sy droefheid was sy kop toegemaak en het hy kaalvoet geloop. Almal wat by hom was, het ook hulle koppe toegemaak en huil-huil die helling uitgeklim.

³¹Toe aan Dawid gesê is: “Agitofel is tussen die samesweerders by Absalom,” het hy gebid: “Here, laat daar tog niks kom van Agitofel se raad nie.”

³²Toe Dawid op die kruin kniel in die rigting van die ark van God het Gusai die Ereket onverwags by hom aangekom. Sy klere was geskeur en daar was grond op sy kop.

³³Dawid het vir hom gesê: “As jy saamgaan, sal jy vir my 'n oorlas wees.

³⁴Maar as jy teruggaan stad toe en vir Absalom sê: ‘U Majesteit, ek is u onderdaan; ek was in u vader se diens, maar van hierdie oomblik af is ek u onderdaan,’ kan jy vir my Agitofel se raad tot niet maak.

³⁵Kyk, die priesters Sadok en Abjatar sal daar by jou wees. Alles wat jy uit die paleis hoor, moet jy hulle vertel.

³⁶Hulle twee seuns Agimaäs en Jonatan is saam met hulle daar, en wat julle ook al hoor, kan julle vir my met hulle laat weet.”

³⁷Gusai die vriend van Dawid het toe die stad ingegaan, en Absalom was op pad na Jerusalem toe.

2 Samuel 16

Siba bring kos vir Dawid

¹Toe Dawid 'n entjie van die kruin af weg was, het Mefiboset se amptenaar Siba hom onverwags teëgekom. Op twee opgesaalde donkies het hy twee honderd brode, honderd pakkies rosyntjies en honderd pakkies voorvye en 'n kruik wyn gehad.

²“Wat het jy hier? ” vra die koning vir hom, en Siba antwoord: “Die donkies is vir die koning-hulle om op te ry, en die brood en vye is kos vir u lyfwag; dié wat in die woestyn moeg word, kan die wyn drink.”

³“En waar is Saul se seun? ” vra die koning. “Nee, hy sit in Jerusalem. Hy dink mos: vandag sal Israel die koningskap van my pa aan my teruggee,” antwoord Siba.

⁴Toe sê die koning: “Nou kyk, alles wat aan Mefiboset behoort, is nou joune.” “Ek sal altyd dankbaar bly,” sê Siba, “en ek hoop ek sal U Majesteit altyd tevrede stel.”

Simeï vloek vir Dawid

⁵Toe die koning by Bagurim kom, storm daar ewe skielik een van Saul se familieleden op hom af. Sy naam was Simeï seun van Gera. So ver as hy gaan, het hy geloop en vloek.

⁶Hy het Dawid en al sy amptenare en die hele volk, ja, selfs al die dapper krygsmanne, links en regs onder die klippe gestee.

⁷Terwyl hy loop en vloek, het Simeï uitgeroep: “Trap, trap hier uit, jou moordenaar en jou skurk!

⁸Nou straf die Here jou vir al die moorde op Saul se geslag toe jy in sy plek koning geword het. Nou het die Here die koningskap aan jou seun Absalom gegee. Nou sit jy self in die ellende omdat jy 'n moordenaar is.”

⁹Toe vra Seruja se seun Abisai vir die koning: “Waarom vloek hierdie lae hond die koning? Laat ek sy kop vir hom gaan afkap.”

¹⁰“Seun van Seruja, dit het niks met my of met jou te doen nie,” was die koning se antwoord. “Hy vloek so omdat die Here hom beveel het om vir Dawid te vloek! Niemand moet nou vra waarom hy dit doen nie.”

¹¹Verder het die koning vir al sy amptenare en vir Abisai gesê: “My eie bloedkind soek my lewe. Daarom moet julle hierdie Benjaminiërs met rus laat dat hy maar vloek, want die Here het hom die opdrag gegee.

¹²Miskien let die Here op my ellende en beloon Hy my met iets goeds vir vandag se vervloeking.”

¹³Dawid en sy mense het toe pad langs verder getrek. Simeï het ál teen die berghang langs geloop en vloek en klippe gooi en stof opskop.

¹⁴Moeg het die koning en sy geselskap by die Jordaan aangekom en daar 'n bietjie gerus.

Agitofel se raad word verydel

¹⁵Maar Absalom en die hele Israel het in Jerusalem aangekom. Agitofel was ook by.

¹⁶Toe Dawid se vriend Gusai die Erekië by Absalom kom, sê Gusai vir hom: “Lank lewe die koning! Lank lewe die koning! ”

¹⁷Toe vra Absalom vir hom: “Is dit hoe jy jou lojaliteit teenoor jou vriend wys? Waarom het jy nie saam met hom gegaan nie? ”

¹⁸Gusai het geantwoord: “O nee! Ek skaar my by dié een vir wie die Here en hierdie manskappe en elke Israëliëter gekies het. By hom staan ek.

¹⁹Per slot van rekening: wie sal ek dien? Is dit nie sy seun nie? Net soos ek u vader gedien het, sal ek u dien.”

²⁰Daarna sê Absalom vir Agitofel: “Kom, julle moet altwee raad gee oor wat ons nou te doen staan.”

²¹Agitofel se raad was: “Gaan slaap by u vader se byvrouens wat hy hier laat bly het om die paleis op te pas. Dan sal die hele Israel besef dat u teen u vader in opstand gekom het en dit sal al u volgelinge se hande sterk.”

²²Daar is toe vir Absalom 'n tent op die dak opgeslaan, sodat hy voor die oë van die hele Israel by sy pa se byvrouens kon gaan slaap.

²³In daardie tyd was Agitofel se raad asof hy dit van God gekry het. So was sy raad altyd, of dit nou al vir Dawid of vir Absalom was.

2 Samuel 17

¹Agitofel het verder vir Absalom gesê: “Laat ek tog twaalf afdelings uitsoek en klaarmaak om Dawid vannag nog agterna te sit.

²Ek sal hom oorval terwyl hy moeg en moedeloos is. Ek sal verwarring in sy geledere skep, sodat die hele volk wat by hom is, sal vlug en ek die koning kan doodmaak waar hy alleen is.

³Dan sal ek die hele volk na u toe laat swaai. Nadat almal oorgeloop het, sal u die gunsteling wees en die hele volk sal eensgesind wees.”

⁴Die voorstel het aanneemlik gelyk vir Absalom en die leiers van Israel.

⁵Maar Absalom het gesê: “Roep eers vir Gusai die Ereket. Laat ons ook hoor wat hy te sê het.”

⁶Gusai het ingekom, en Absalom het vir hom gesê: “Dit is die voorstel van Agitofel. Moet ons dit aanvaar of nie? Hoe dink jy? ”

⁷Gusai het geantwoord: “Hierdie keer het Agitofel nie goeie raad gegee nie.

⁸U ken tog u vader en sy manskappe. Hulle is dapper vegters en hulle is boonop verbitter soos 'n beer wat in die veld van haar kleintjies beroof is. Daarby is u vader 'n uitgeslape krygsman. Hy sal nie by die volk oornag nie.

⁹Ek is seker hy kruip nou weg in 'n sloot of op een of ander plek. As daar aan die begin al van u manskappe omkom en dit rugbaar word, sal daar gesê word: 'Daar was 'n slagting onder die manne wat vir Absalom volg.'

¹⁰Dan sal selfs die dapperste man, die man met leeuemoed, bang word, want die hele Israel weet u vader is 'n vegter en hy het dapper manne by hom.

¹¹Nee, ek raai aan dat die hele volk oor die lengte en breedte van die land eers by u bymekaargeroep word: 'n menigte soos die sand van die see. Dan kan u persoonlik teen hom opruk.

¹²Waar hy ook al is, as ons by hom kom in een van die plekke, sak ons op hom toe soos mistige weer. Daar sal niks van hom oorbly nie, ook nie eers een van die manne by hom nie.

¹³As hy hom dalk in 'n stad terugtrek, moet die hele Israel toue oor die mure van daardie stad gooi en dit na die laagte toe wegsleep totdat daar nie meer 'n enkele klip oorbly nie."

¹⁴Toe het Absalom en al die manskappe van Israel gesê: "Die raad van Gusai die Ereket is beter as dié van Agitofel." Maar eintlik was dit die Here wat die goeie raad van Agitofel verydel het, omdat die Here onheil oor Absalom wou bring.

Dawid ontvang berig uit Jerusalem en vlug deur die Jordaan

¹⁵Daarna het Gusai die priesters Sadok en Abjatar ingelig: "Só het Agitofel vir Absalom en die volksleiers aangeraai, maar só was my raad.

¹⁶Stuur nou gou en laat weet vir Dawid hy moenie vannag in die woestynpas slaap nie. Hy moet beslis verder trek, anders word hy en sy hele leer uitgewis."

¹⁷Omdat hulle nie in die stad gesien moes word nie, het Jonatan en Agimaäs ondertussen by Rogelfontein gewag. 'n Slavin het hulle gaan inlig, en hulle moes weer vir koning Dawid gaan inlig.

¹⁸'n Jong seun het hulle egter gesien en Absalom daarvan vertel. Maar dié twee het weggeglip en by 'n man in Bagurim gaan wegkruip. In sy agterplaas was daar 'n put en hulle het daarin geklim.

¹⁹Sy vrou het 'n doek oor die put gespan en graan daar oor gegooi sodat niemand onraad kon merk nie.

²⁰Absalom se manne het by die huis aangekom en vir die vrou gevra: “Waar is Agimaäs en Jonatan?” Sy het hulle geantwoord: “Hulle is hiervandaan rivier se kant toe.” Nadat die manne tevergeefs gesoek het, is hulle terug Jerusalem toe.

²¹Toe hulle weg is, het Agimaäs en Jonatan uit die put geklim en vir Dawid gaan sê: “Trek gou deur die rivier, want Agitofel se raad is gevaarlik vir u.”

²²Die koning en die hele volk by hom het klaargemaak en deur die Jordaan getrek tot ligdag, totdat almal deur die Jordaan was.

²³Toe Agitofel sien sy raad word nie gevolg nie, het hy sy donkie opgesaal en na sy huis toe in sy tuisdorp gery. Daar het hy sy sake gereël en homself opgehang en gesterf. Hy is in die familiegraf begrawe.

²⁴Dawid het na Maganajim toe gegaan onderwyl Absalom en die hele Israel deur die Jordaan getrek het.

²⁵Absalom het vir Amasa in Joab se plek oor die leër aangestel. Amasa was die seun van 'n sekere Ismaeliet Jeter wat gemeenskap gehad het met Abigal dogter van Nagas. Sy was 'n suster van Seruja, Joab se ma.

²⁶Israel en Absalom het laer opgeslaan in Gilead.

²⁷Toe Dawid in Maganajim aankom, is daar vir hom beddegoed gebring deur Sobi seun van Nagas van die Ammonitiese stad Rabba, en Makir seun van Ammiël van die stad Lo-Dabar, en Barsillai die Gileadiet van Rogelim.

²⁸Hulle het toe die slaapplek reggemaak. Daar was ook nog erdebakke, koring, gars, meel, gebraaide koring, boontjies en lensies.

²⁹Hulle het ook heuning, bokmelk en beesmelkkaas gebring sodat Dawid en sy mense kon eet en drink, want hulle het geweet die mense het moeg en honger en dors geword in die woestyn.

2 Samuel 18

Absalom sterf

¹Dawid het die manskappe wat by hom was, in gelid opgestel: hy het hoofde oor afdelings van duisend en honderd aangestel en die leër in drie verdeel:

²'n derde onder leiding van Joab; 'n derde onder Joab se broer Abisai seun van Seruja, en die ander derde onder leiding van Ittai die Gattiet. Toe het die koning vir die leër gesê: “Ek gaan self saam met julle veg.”

³Die leër het egter geantwoord: “Nee, u moenie saamgaan nie, want as óns dalk moet vlug, kan ons maar vlug en niemand sal van ons notisie neem nie; of as die helfte van ons dalk sterf, sal dit nie saak maak nie. Maar u is soos tien duisend van ons. Dit sal beter wees as u ons van die stad af kom help.”

⁴Die koning sê toe: “Ek sal doen soos julle sê.” Toe gaan staan hy langs die stadspoort terwyl die hele leër in afdelings van honderd en duisend uittrek om te gaan veg.

⁵Die koning het vir Joab, Abisai en Ittai beveel: “Werk om my ontwil tog saggies met my kind Absalom.” Al die manskappe het die bevel oor Absalom gehoor toe die koning dit aan die offisiere gegee het.

⁶Die manskappe het toe in die oop veld teen Israel opgetrek. Daar het 'n geveg in die Efraimbos ontstaan,

⁷en Israel is deur Dawid se manskappe verslaan. Dit was 'n groot slagting. Daar het dié dag nie minder nie as twintig duisend man geval.

⁸Die geveg het oor die hele landstreek versprei, en op daardie dag het die bos meer lewens geëis as die swaard.

⁹Dawid se manskappe het op Absalom afgekom waar hy op 'n muil gery het. Die muil het onder die digte takke van 'n groot akkerboom deurgegaan, en Absalom se kop het in die boom vasgehaak. Die muil waarop hy gery het, het aangehou hardloop en Absalom het tussen hemel en aarde bly hang.

¹⁰Iemand het dit gesien en aan Joab vertel: “Weet u, ek het Absalom aan 'n akkerboom sien hang.”

¹¹Toe sê Joab aan die man wat dit vir hom vertel het: “Wat? Het jy hom gesien? Waarom het jy hom dan nie net daar doodgeslaan nie? Ek sou jou dan tien silwerstukke en 'n eregordel moes gegee het.”

¹²Maar die man antwoord vir Joab: “Al sou ek ook vir my duisend silwerstukke met my eie hand kon aftel, sou ek nog nie my hand teen die koning se seun opgetel het nie. Ons het immers almal gehoor hoe die koning u en Abisai en Ittai beveel: ‘Werk tog saggies met my kind Absalom.’

¹³As ek verkeerd opgetree het, sou dit by die koning bekend geword het en dan sou ú my nie gehelp het nie.”

¹⁴Toe sê Joab: “Ek kan nie so staan en tyd mors hier by jou nie.” Hy het drie spiese gegryp en dit deur Absalom se hart gaan steek waar hy nog lewendig in die boom gehang het.

¹⁵Toe het tien wapendraers van Joab nader gestorm en Absalom heeltemal dood geslaan.

¹⁶Hierna het Joab die ramshoring geblaas en die leer het opgehou om Israel te agtervolg. So het Joab die leer laat terugtrek,

¹⁷maar die hele Israel het huis toe gevlug. Absalom se lyk is in 'n diep gat in die bos gegooi, en hulle het 'n groot hoop klippe op hom gepak.

¹⁸Dit was dieselfde Absalom wat die gedenkteken in die koningslaagte opgerig het om homself te vereer, omdat hy gesê het hy het nie meer 'n seun om sy naam in gedagtenis te hou nie. Daarom het hy die gedenkteken na homself vernoem en dit word nou nog genoem: “Absalom se Gedenkteken”.

¹⁹Agimaäs seun van Sadok het gesê: “Laat ek tog hardloop en aan die koning die goeie tyding bring dat die Here hom van sy vyand verlos het.”

²⁰Maar Joab het vir hom gesê: “Jy is vandag nie die regte man om 'n tyding te bring nie. Jy kan op 'n ander dag boodskappe dra. Vandag doen jy dit nie, want dit is die koning se seun wat dood is.”

²¹Toe beveel Joab 'n Kussiet: “Gaan vertel vir die koning wat jy gesien het.” Nadat die Kussiet voor Joab gebuig het, het hy begin hardloop.

²²Agimaäs seun van Sadok het weer vir Joab gesê: “Kom wat wil, laat ek tog net agter die Kussiet aan hardloop.” “My seun, waarom wil jy tog hardloop? Daar sal nie vir jou ook 'n boodskappersloon wees nie,” antwoord Joab.

²³“Dit maak nie saak nie; ek hardloop,” sê hy. “Nou hardloop dan,” sê Joab vir hom. Agimaäs het toe met die pad deur die Jordaanstreek gehardloop en die Kussiet verbygegaan.

²⁴Terwyl Dawid in die stadspoort sit, klim die wag na die uitkykpos op die poort se dak en kyk rond of hy nie dalk iets sien nie. En juis toe kom daar iemand alleen aangehardloop.

²⁵Die wag roep toe en sê dit vir die koning. “As hy alleen is, bring hy nuus,” sê die koning. Terwyl hy nader kom,

²⁶sien die wag nog iemand hardloop en hy roep na die poortwagter: “Daar kom nog iemand alleen aangehardloop.” En die koning sê: “Ook hý bring nuus.”

²⁷“Dit lyk my die voorste een hardloop soos Agimaäs seun van Sadok,” merk die wag op. “Hy is 'n goeie man, hy kom met 'n goeie boodskap,” voeg die koning toe by.

²⁸“Alles is reg,” roep Agimaäs en buig voor die koning en sê: “Geloof sy die Here u God, omdat Hy die mense wat in opstand gekom het teen die koning, verslaan het.”

²⁹“Gaan dit goed met my kind Absalom?” vra die koning. Hierop antwoord Agimaäs: “Ek het 'n groot samedromming opgemerk net toe u offisier Joab my gestuur het. Verder weet ek niks.”

³⁰Die koning het hom beveel: “Wag 'n bietjie. Kom staan hier eenkant.” Hy het dit gedoen

³¹en toe kom die Kussiet juis net daar aan en sê: “Daar is nuus vir die koning, want die Here het u vandag verlos van almal wat teen u in opstand gekom het.”

³²“Gaan dit goed met my kind Absalom? ” vra die koning, en die Kussiet antwoord: “Mag dit met die vyande van die koning en almal wat teen u in opstand kom en u ondergang wil bewerk, gaan soos met daardie kind.”

³³Die koning het ontroerd geraak en in trane na die kamer bokant die poort opgeklim. Daar het hy heen en weer geloop en gesê: “My seun, Absalom, my seun, my seun. Absalom, ag, as ek maar in jou plek kon gesterwe het. Absalom, my seun, my seun.”

2 Samuel 19

¹Daar is aan Joab vertel: “Kan jy dit glo? Die koning huil en treur oor Absalom!”

²So het die oorwinningsdag 'n dag van trane geword vir al die manskappe, want hulle het gehoor dat die koning bedroef is oor sy seun.

³Op dié dag het die manskappe die stad binnegesluip, soos wanneer hulle beskaamd insluip as hulle uit 'n geveg weggehardloop het.

⁴Die koning het sy gesig toegehou en hardop uitgeroep: “My seun Absalom; Absalom, my seun, my seun!”

⁵Joab het by die koning in die kamer ingegaan en gesê: “U het vandag al die manskappe laat skaam kry, hulle wat so pas u lewe en ook dié van u seuns en dogters, u vrouens en byvrouens gered het.

⁶U het mos nou u haters lief en u haat die mense wat vir u liefhet. Ja waarlik, u gee vandag te kenne dat u nie vir aanvoerders en manskappe omgee nie. Vandag weet ek beslis: as Absalom maar net kon gelewe het, kon ons vandag net sowel almal dood gewees het; u sou dan in u skik gewees het!

⁷Kom nou, gaan stel u manskappe tevrede. Ek verklaar voor die Here: As u nie buitetoegaan nie, sal daar vannag nie 'n enkele man by u oorbly nie. Dit sal vir u 'n groter ramp wees as enige ramp wat u in u hele lewe getref het.”

⁸Die koning het toe buitetoegegaan en in die stadspoort gaan sit. Daar is toe aan al die manskappe vertel: “Kom kyk, die koning sit in die stadspoort.” Toe

het al die manskappe van die koning voor hom verskyn. Israel het intussen huis toe gevlug.

Die volk wil vir Dawid terug hê

⁹Daarna het die manne van die Israelitiese stamme onder mekaar begin praat: “Dit is die kóning deur wie ons gered is uit die mag van ons vyande; hý het ons bevry uit die greep van die Filistyne, en nou moes hy die land uit vlug voor Absalom.

¹⁰Buitendien is Absalom vir wie ons tot koning gesalf het, in die geveg dood. Waarom talm julle nog om die koning te laat terugkom? ”

¹¹Hierdie gevoel onder Israel het by Dawid en sy mense uitgekom. Daarna het die koning vir die priesters, Sadok en Abjatar, laat weet: “Praat met die leiers van Juda en vra: Waarom moet julle nou die laaste wees om die koning na sy paleis toe te laat terugkom?

¹²Julle is my broers, ja, julle is my mense. Waarom moet julle nou die laaste wees om die koning te laat terugkom?

¹³Sê vir Amasa ek sê: Is jy nie my eie bloedfamilie nie? Mag God my om die lewe bring as jy nie vir altyd die hoof van my leer word in die plek van Joab nie.”

¹⁴So het hy die hele Juda soos een man na sy kant toe oorgehaal, en hulle het die koning laat weet: “Kom terug! U en al u manskappe! ”

Simeï kom ontmoet vir Dawid

¹⁵Die koning is toe terug, en terwyl hy op pad was na die Jordaan toe, het Juda by Gilgal bymekaargekom om hom te ontmoet en oor die Jordaan te help.

¹⁶Simeï seun van Gera, die Benjaminië van die stad Bagurim, het haastig saam met Juda afgegaan om koning Dawid te ontmoet.

¹⁷By hom was 'n afdeling soldate uit Benjamin, en verder ook Siba, die bestuurder van Saul se huishouding, met sy vyftien seuns en twintig slawe. Hulle het voor die koning by die Jordaan aangekom.

¹⁸Hulle het deur die drif gegaan om die geselskap van die koning deur te bring en om te doen wat die koning wou hê. Net toe die koning die Jordaan wou deurtrek, kniel Simeï seun van Gera voor hom

¹⁹en sê: “U Majesteit moet my die verkeerde daad tog nie toereken nie en moenie wat ek verkeerd gedoen het op die dag toe die koning uit Jerusalem uit gegaan het, ernstig opneem nie.

²⁰Ek weet baie goed dat ek sleg opgetree het, maar let tog op dat ek vandag die heel eerste uit die huis van Josef is wat die koning kom ontmoet.”

²¹Hierop het Abisai seun van Seruja gevra: “Moet Simeï nie doodgemaak word nie? Hy het immers die gesalfde van die Here gevloek.”

²²Maar Dawid het geantwoord: “Wat het dit met julle te doen, seuns van Seruja? As julle so praat, is julle my teenstanders. Moet daar dan vandag iemand in Israel doodgemaak word? Ek weet mos tog dat ek vandag koning oor Israel is.”

²³Verder het die koning vir Simeï gesê: “Jy sal nie doodgemaak word nie.” Die koning het dit vir hom selfs met 'n eed bevestig.

Mefiboset kom ontmoet vir Dawid

²⁴Toe Saul se seun Mefiboset die koning kom ontmoet het, was sy voete en baard nie versorg nie; en sy klere was vandat die koning vertrek het tot op die dag dat hy in vrede teruggekom het, nie gewas nie.

²⁵Toe hy in Jerusalem die koning kom ontmoet, vra die koning hom: “Waarom het jy nie saam met my gegaan nie, Mefiboset? ”

²⁶“U Majesteit,” antwoord hy, “my helper het my in die steek gelaat, want ek het gesê: Ek wil 'n donkie opgesaal hê om op te ry en saam met die koning te gaan; ek is mos kreupel.

²⁷Hy het my by u gaan beskinder, maar U Majesteit is soos 'n engel van God. U sal dus met my doen soos dit vir u die beste lyk.

²⁸My hele familie het by u niks anders as die dood verdien nie, en tog het u my 'n plek gegee by dié wat by u aan huis eet. Ek het niks waarop ek my by die koning kan beroep nie.”

²⁹Toe antwoord die koning hom: “Die saak is afgehandel. Ek beveel hiermee dat jy en Siba die grond moet deel.”

³⁰Mefiboset het geantwoord: “Nou dat die koning behoue tuis gekom het, kan Siba maar alles vat.”

Barsillai neem afskeid van Dawid

³¹Barsillai die Gileadiet het van Rogelim af gekom vir die koning se oortog oor die Jordaan.

³²Hy was al baie oud, tagtig jaar, en hy het die koning onderhou tydens sy verblyf in Maganajim, want hy was welgesteld. Hy wou daar by die Jordaan van die koning afskeid neem.

³³Toe sê die koning vir hom: “Kom saam met my, dan sal ek jou in Jerusalem by my onderhou.”

³⁴Maar hy het vir die koning gesê: “Hoeveel langer het ek nog om te leef dat ek saam met die koning na Jerusalem toe moet optrek?

³⁵Ek is nou tagtig. Kan ek nog iets geniet? Of kan ek nog proe wat ek eet en drink? Kan ek nog die stem van sangers en sangeresse waardeer? Waarom moet ek van my 'n oorlas maak by die koning?

³⁶Waarvoor wil die koning my nou eintlik beloon? Ek wou maar net 'n klein entjie van die Jordaan af saam met u trek.

³⁷Laat my nou maar omdraai en in my eie stad sterf, by die graf van my pa en ma. Maar kyk, hier is u onderdaan Kimham. Hy kan saam met u gaan, en u kan aan hom doen soos u dit goedvind.”

³⁸Toe sê die koning: “Kimham kan maar saamgaan. Ek sal vir hom doen wat jy sê. Wat jy ook al van my verwag, sál ek vir hom doen.”

³⁹Daarna het die hele volk die Jordaan oorgesteek, en die koning het gevolg. Nadat die koning vir Barsillai gesoen en hom voorspoed toegewens het, het hy na sy stad toe teruggegaan.

⁴⁰Die koning het by Gilgal verbygetrek, en Kimham saam met hom. Die hele Juda en ook die helfte van Israel het saam met die koning getrek.

Juda en Israel twis oor Dawid. Seba se opstand

⁴¹Toe het al die mense van Israel na die koning toe gekom en gesê: “Waarom het ons broer Juda u gesteel en die koning met sy huisgesin en al die manskappe van Dawid saam met hom oor die Jordaan laat trek? ”

⁴²Die hele Juda het Israel toe geantwoord: “Maar die koning is mos familie van my. Waarom neem jy aanstoot hieraan? Het ons dalk iets van die koning geëet, of is ons op enige manier bevoordeel? ”

⁴³Maar Israel antwoord vir Juda: “Ek het tien keer meer aanspraak op die koningskap; selfs aan Dawid het ek meer as jy. Waarom het jy my nie in die saak geken nie? Was my uitnodiging nie eerste om my koning na my toe te laat terugkom nie? ” Maar Juda het 'n beter saak gehad as Israel.

2 Samuel 20

¹Daar was 'n opruier met die naam Seba seun van Bikri, 'n Benjaminië. Hy het die ramshoring geblaas en gesê: “Dawid is nie deel van ons nie; ons het niks aan Isai se seun nie. Elkeen terug na sy woonplek toe, Israel! ”

²Toe het die hele Israel weggetrek van Dawid af agter Seba seun van Bikri aan. Maar Juda het hulle koning van die Jordaan af Jerusalem toe gevolg.

³Toe koning Dawid in Jerusalem in sy paleis kom, het hy die tien vrouens, die byvrouens, wat hy agtergelaat het om die paleis op te pas, in 'n bewaakte huis gesit. Hy het hulle onderhou, maar nie by hulle geslaap nie, en hulle was tot met hulle dood afgesonder en lewenslank feitlik weduwees.

Joab vermoor vir Amasa

⁴Die koning het vir Amasa beveel: “Roep die burgers van Juda vir my binne drie dae op. Kom meld jou dan weer aan.”

⁵Amasa het Juda toe gaan oproep, maar hy het die tyd wat Dawid vasgestel het, oorskry.

⁶Toe sê die koning vir Abisai: “Nou sal Seba seun van Bikri ons meer moeilikheid gee as Absalom. Vat jy my manskappe en haal hom in voordat hy dalk die een of ander sterk stad bereik waar ons hom nie kan bykom nie.”

⁷Joab en sy afdeling het ook agter hom aan uitgetrek. Die koninklike lyfwag en al die vegters het uit Jerusalem getrek om Seba seun van Bikri te agtervolg.

⁸Terwyl hulle by die groot klip in Gibeon was, het Amasa by hulle gekom. Joab het nog sy mantel aangehad waaroor sy swaard in die skede vasgegespe was. Hy het op Amasa afgestap, en toe val die swaard uit.

⁹Joab het vir hom gevra: “Gaan dit goed met jou, my broer? ” en hom met sy regterhand aan die baard gegryp asof hy hom wou soen.

¹⁰Amasa was nie op sy hoede vir die swaard in Joab se ander hand nie, en Joab het hom daarmee in die onderlyf gestee, sodat sy ingewande op die grond uitgeval het. 'n Tweede steek was onnodig; hy sou sterf. Joab en sy broer Abisai het toe vir Seba seun van Bikri agtervolg.

¹¹Een van Joab se volgelinge het by Amasa bly staan en gesê: “Wie vir Joab verkies en wie vir Dawid is, volg Joab.”

¹²Maar Amasa het in die middel van die pad in sy bloed gelê en gekrul van die pyn. Toe die man sien dat al die manskappe gaan staan, het hy vir Amasa uit die pad uit die veld in gesleep en 'n kledingstuk oor hom gegooi, want elkeen wat hom gesien het, het gaan staan.

¹³Toe hy uit die pad verwyder is, het almal Joab gevolg om Seba seun van Bikri agterna te sit.

Seba word om die lewe gebring

¹⁴Seba het met al die stamme van Israel getrek na Abel toe, dit is Bet-Maäka. Al die Beriete het bymekaargekom en hom ook gevolg.

¹⁵Joab-hulle het toe gekom en vir Seba beleër in Abel-Bet-Maäka. Hulle het 'n beleëringswal teen die stad gegooi. Toe dit al vas teen die voorskans staan, en

die hele leer wat by Joab was, besig was om die muur te ondergrawe en dit so te laat val,

¹⁶het 'n wyse vrou vanuit die stad geroep: “Luister! Luister! Sê tog vir Joab hy moet hierheen kom, ek wil met hom praat.”

¹⁷Hy het nader gegaan en die vrou het gevra: “Is u Joab?” Hy het geantwoord: “Ja,” en sy sê vir hom: “Luister tog na my woorde.” “Ek luister,” was sy antwoord.

¹⁸Sy sê toe: “Vanmelewe het die mense altyd gesê: ‘Hulle kan gerus maar by Abel kom raad vra,’ en dan het hulle daarvolgens gehandel.

¹⁹Ons is van die heel getroustes in Israel. U wil nou 'n stad uitroei wat in Israel in aansien is. Waarom wil u 'n stad wat aan die Here behoort, uitroei?”

²⁰Toe antwoord Joab: “Dit wil ek glad nie doen nie. Ek wil nie uitroei of uitwis nie.

²¹Dit gaan maar net oor 'n man uit die Efraimsberge. Sy naam is Seba seun van Bikri. Hy het teen koning Dawid in opstand gekom. Lewer hom net uit, dan trek ek van die stad af weg.” Hierop het die vrou geantwoord: “Goed! Sy kop sal vir jou oor die muur gegooi word.”

²²Die vrou is toe met haar plan na die stadsburgers toe, en hulle het Seba seun van Bikri se kop afgesny en dit na Joab toe oorgegooi. Hy het die ramshoring geblaas, en die manskappe het van die stad af uitmekaargegaan, elkeen na sy woonplek toe. Maar Joab het na die koning toe teruggegaan in Jerusalem.

Dawid se amptenare

(Vgl. 1 Kron. 18:14-17)

²³Joab was die bevelvoerder oor die hele Israelitiese leer. Benaja seun van Jojada het die beheer gehad oor die koninklike lyfwag.

²⁴Adoniram was in bevel van die dwangarbeiders. Josafat seun van Agilud was hoof uitvoerende beampte;

²⁵Sewa was staatsekretaris, en Sadok en Abjatar was priesters.

²⁶En verder was Ira, uit Jaïr, ook priester onder Dawid.

2 Samuel 21

Rispa en haar seuns

¹In Dawid se tyd was daar 'n keer hongersnood wat drie jaar aanmekaar geduur het. Dawid het toe die Here geraadpleeg, en die Here het geantwoord: “Dit is te wyte aan Saul en sy moordenaarshuis, want hy het van die Gibeoniete laat doodmaak.”

²Die koning het toe die Gibeoniete laat roep. Hulle was natuurlik nie Israëliete nie, maar 'n oorblyfsel van die Amoriete. Die Israëliete het 'n verdrag met hulle gesluit gehad, maar later het Saul hulle probeer uitroei in sy geesdrif vir die saak van Israel en Juda.

³Dawid het vir die Gibeoniete gesê: “Wat moet ek vir julle doen en hoe moet ek julle vergoed sodat die land van die Here weer sy oeste kan lewer? ”

⁴Die Gibeoniete het hierop geantwoord: “Ons verwag nie silwer of goud van Saul en sy familie nie en ook nie dat iemand in Israel doodgemaak moet word nie.” Dawid vra toe: “Wat wil julle dan hê moet ek vir julle doen? ”

⁵Hulle antwoord die koning: “Daar was 'n man wat ons wou uitroei en wat beplan het om ons te verdelg sodat ons nie in die grondgebied van Israel kon voortbestaan nie.

⁶Daar moet nou sewe mans uit sy familie aan ons gegee word, sodat ons hulle kan doodmaak en voor die Here kan ophang by Gibeon van Saul, die man wat deur die Here uitgekies was.” Dawid het geantwoord: “Goed, ek sal dit doen.”

⁷Die koning het Mefiboset, seun van Jonatan seun van Saul, gespaar vanweë die verbond wat in die Naam van die Here tussen Dawid en Saul se seun Jonatan bestaan het.

⁸Maar die koning het vir Armoni en Mefiboset, die twee seuns wat Rispa dogter van Aja by Saul gehad het, gevat asook die vyf seuns van Saul se dogter Merab wat sy gehad het by Adriël seun van Barsillai die Megolatie.

⁹Hy het hulle almal uitgelewer aan die Gibeoniete wat hulle doodgemaak en voor die Here op die berg opgehang het. Die sewetal het saam omgekom. Hulle is gedood teen die tyd dat daar gewoonlik begin word met die garsoes.

¹⁰Rispa dogter van Aja het toe rouklere gevat en dit vir haar op 'n rots oopgegooi. Van die begin van die oestyd af totdat die reëntyd aangebreek het, het sy bedags die roofvoëls en snags die roofdiere nie aan die lyke laat vreet nie.

¹¹Toe daar aan Dawid meegedeel is wat Aja se dogter Rispa, 'n byvrou van Saul, gedoen het,

¹²het hy die bene van Saul en sy seun Jonatan laat haal by die burgers van Jabes in Gilead. Hulle het dit destyds op die stadsplein van Bet-San gaan steel waar die Filistyne dit opgehang het toe Saul op Gilboa verslaan is.

¹³Hy het Saul en sy seun Jonatan se bene daarvandaan laat bring en ook dié van die manne wat op die berg opgehang is

¹⁴en almal by Sela in Benjamin laat begrawe in die graf van Kis, Saul se pa. Alles is gedoen net soos die koning beveel het. Daarna het God weer gebede vir die land verhoor.

Dawid se oorloë teen die Filistyne

(Vgl. 1 Kron. 20:4-8)

¹⁵Daar het oorlog uitgebreek tussen die Filistyne en die Israeliete. Dawid en sy manskappe het teen die Filistyne gaan veg en Dawid het moeg geword.

¹⁶Jisbi van Nob, uit die geslag van die Refaïete, het toe gedink hy kan Dawid sonder moeite doodmaak. Jisbi se bronsspies het byna vier kilogram geweeg, en hy het 'n nuwe uitrusting gehad.

¹⁷Seruja se seun Abisai het Dawid egter gehelp en die Filistyn platgeslaan en doodgemaak. Toe het die manne van Dawid vir hom gesê: “U wat die lamp van Israel is, mag nie meer saam met ons na die oorlog toe uittrek nie, sodat die lamp nie doodgeblaas sal word nie.”

¹⁸Daarna was daar weer oorlog teen die Filistyne in Gob. Daar het Sibbekai uit Gusa vir Sippai uit die geslag van die Refaïete verslaan.

¹⁹In 'n ander geveg teen die Filistyne in Gob het Elganan seun van Jaäre-Oregim van Betlehem vir Goliat die Gattiet doodgemaak. Sy spiessteel was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel.

²⁰Op 'n ander keer was daar oorlog in Gat. Daar was 'n lang man met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet; saam was dit vier en twintig. Hy was ook 'n Refaïet van geboorte.

²¹Hy het die Israeliete getart en toe het Jonatan, seun van Dawid se broer Samma, hom doodgemaak.

²²Hierdie vier was Refaïete wat in Gat gebore is. Dawid en sy manskappe het hulle laat sneuwel.

2 Samuel 22

Dit is God wat die oorwinning gee

(Vgl. Ps. 18:1-51)

¹Dawid het die woorde van hierdie lied tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.

²Die Here is my rots, my skuilplek en my redder,

³my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting, my toevlug en bevryder. Van geweld het U my verlos.

⁴Onder bespotting roep ek na die Here, dan word ek van my vyande gered.

⁵Waarlik, golwe van die dood het my omsluit, strome van onheil het my verskrik.

⁶Bande van die doderyk het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig.

⁷In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my.

⁸Die aarde het geskud en gebewe, die fundamente van die hemel het getril en geskud, want Hy was vertoorn.

⁹Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, gloeiende kole uit sy binneste.

¹⁰Hy het die hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was duisternis.

¹¹Hy het op 'n gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die wind het Hy verskyn.

¹²Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en wolkemassas was sy bedekking.

¹³Uit die gloed voor Hom het weerligstrale geblits.

¹⁴Die Here het dit uit die hemel laat dreun, die Allerhoogste het sy stem laat hoor.

¹⁵Hy het sy pyle afgeskiet en die vyand uitmekaar gejaag, hulle met weerligstrale op loop gejaag.

¹⁶Die seebodem het sigbaar geword, die fundamente van die aarde is blootgelê deurdat U, Here, op hulle gebulder het met die orkaan van u toorn.

¹⁷Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig.

¹⁸Hy het my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my te magtig was.

¹⁹Die dag toe hulle my aangeval het, was my ondergang naby, maar die Here het my daarvan bewaar.

²⁰Hy het my in vryheid laat uitgaan, my gered omdat Hy my liefhet.

²¹Die Here het aan my reg laat geskied, Hy het my onskuld aanvaar,

²²want ek het my aan sy voorskrifte gehou en my nie teenoor my God skuldig gemaak nie;

²³ek het my deur al sy bepalings laat lei en nie van sy voorskrifte afgewyk nie.

²⁴Ek was opreg voor Hom, ek was op my hoede teen enige ongeregtheid.

²⁵Die Here het aan my reg laat geskied want ek was onskuldig in sy oë.

- ²⁶U betoon U getrou teenoor die getroue, opreg teenoor die opregte,
²⁷rein teenoor die reine, maar U verwerp die huigelaar.
- ²⁸U red die verdrukke volk, U verneder die trotses.
- ²⁹U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my.
- ³⁰Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.
- ³¹Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy.
- ³²Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots?
- ³³God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig.
- ³⁴Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan.
- ³⁵Hy leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stramste boog te span.
- ³⁶Die redding wat U gebring het, was vir my 'n beskerming, deur u hulp het ek sterk geword.
- ³⁷U het my ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie.
- ³⁸Ek het my vyande agtervolg en ingehaal, ek het nie omgedraai voordat hulle uitgewis was nie.
- ³⁹Ja, ek het hulle verpletter, sodat hulle nie weer kon opstaan nie. Hulle het voor my voete gesneuwel.
- ⁴⁰U het my met krag omgord vir die stryd, U het my teëstanders voor my laat swig.
- ⁴¹U het my vyande voor my laat vlug en ek kon my haters uitwis.
- ⁴²Hulle roep om hulp, en daar is niemand wat help nie; hulle roep selfs na die Here, maar Hy antwoord hulle nie.

⁴³Ek maak hulle fyn soos stof, ek laat hulle wegspat soos modder in die strate, ja, ek vermorsel hulle.

⁴⁴U het my gered van opstandige mense, my as hoof van vreemde nasies aangestel. 'n Volk wat ek nie geken het nie, is my onderdane.

⁴⁵Wie ook al van my verneem, gehoorsaam my. Vreemde volke kruip voor my.

⁴⁶Hulle skrik en kom bewend uit hulle forte uit.

⁴⁷Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Ek prys my God wat my verlos het.

⁴⁸Dit is God wat my die oorwinning gee, wat volke aan my onderwerp.

⁴⁹Hy red my van my vyande. Ja, U stel my buite bereik van my teëstanders, U bevry my van geweldenaars.

⁵⁰Daarvoor sal ek U loof voor die nasies, Here, tot eer van u Naam 'n lofpsalm sing!

⁵¹Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!

2 Samuel 23

'n Verbond vir altyd

¹Hier volg die laaste woorde van Dawid: “Dit is Dawid seun van Isai wat praat. Dit is 'n man wat praat, een wat hoog geplaas is, die gesalfde van die God van Jakob, die gevierde in die liedere van Israel:

²“Die Gees van die Here het deur my gepraat, ja, sy woord was op my lippe.

³Die God van Israel het gepraat, die Rots van Israel het vir my gesê: ‘Hy wat regverdig oor mense heers, wat regeer in eerbied teenoor God,

⁴is soos die môrelik as die son opkom op 'n oggend sonder wolke; dit skitter na die reën; die gras skiet op uit die grond.’

⁵“God het my koningskap goed gevestig, Hy het aan my 'n verbond vir altyd gegee, behoorlik opgestel en goed bewaar. Al my hulp, al my vreugde, dit kom van Hom af.

⁶Maar die goddelose is soos doringtakke wat alles weggegooi word; niemand vat met die hand daaraan nie.

⁷Wie daarmee werk, doen dit met yster of hout. In 'n vuur brand hulle heeltemal uit.”

Dawid se dapper manne

(Vgl. 1 Kron. 11:10-47)

⁸Die volgende dapper manne was by Dawid: Joseb-Bassebet die Tagkemoner was hoof van die driemanskap. Hy het met sy spies ag honderd man in een veldslag laat sneuwel.

⁹Eleasar seun van Dodo uit Agoag was onder hom. Hy was een van die drie helde by Dawid toe die Filistyne by Garpam bymekaargekom het om te veg. Toe die Israeliete teen die hange uit vlug,

¹⁰het hy bly staan en Filistyne afgemaai totdat hy later nie meer sy hand kon oopmaak om sy swaard te los nie. Daardie dag het die Here groot uitkoms gegee. En toe eers het die manskappe vir Eleasar gevolg, net om te plunder.

¹¹Onder hom was Agee se seun Samma, uit Harar. Die Filistyne het bymekaargekom by Legi waar 'n land vol lensies was. Toe die leer vir die Filistyne vlug,

¹²het hy by daardie akker gaan stelling inneem en dit beskerm. Hy het die Filistyne verslaan, en die Here het groot uitkoms gegee.

¹³Op 'n keer het drie van die dertig leiers afgetrek en in die oestyd by die Adullamgrot by Dawid aangekom. Die kamp van die Filistyne was in die Spooklaagte.

¹⁴Dawid was toe in 'n bergskuiling, en die Filistyne het Betlehem beset.

¹⁵Dawid het baie dors geword en gesug: “Ag, as iemand my tog net water uit die put in Betlehem se poort kon laat drink! ”

¹⁶Die drie helde het toe deur die Filistynse kamp geglip en water uit die put in Betlehem se poort vir Dawid gebring, maar hy wou dit nie drink nie. Hy het dit as 'n offer vir die Here uitgegiet

¹⁷en gesê: “Mag die Here my daarvan bewaar dat ek dit sou drink. Is dit nie so goed as die bloed van die manne wat met lewensgevaar gegaan het nie? ” Daarom wou hy dit nie drink nie. Dit het die drie helde gedoen.

¹⁸Seruja se seun Abisai, die broer van Joab, was die leier van die dertigtal. Hy het met sy spies drie honderd man laat sneuwel. Hy was beroemd onder die dertigtal.

¹⁹Ja, onder die dertig was hy hoog geëer, sodat hy hulle aanvoerder geword het. Maar een van die driemanskap het hy nie geword nie.

²⁰Benaja seun van Jojada, seun van Isgai, was afkomstig uit Kabseël. Hy was 'n man van baie dade en het twee sterk manne in Moab doodgemaak. Op 'n sneeudag het hy in 'n droë put afgeklim en 'n leeu daar doodgemaak.

²¹Hy het ook 'n frisgeboude Egiptenaar doodgeslaan. Die Egiptenaar het nogal 'n spies in sy hand gehad, terwyl Benaja hom net met 'n stok gepak het. Hy het die spies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie spies van kant gemaak.

²²Dit het Benaja seun van Jojada gedoen. Hy was beroemd onder die dertig helde.

²³Hy het 'n hoër rang gehad as die res van die dertig, maar een van die driemanskap het hy nie geword nie. Dawid het hom oor sy lyfwag aangestel.

²⁴Asael, Joab se broer, was onder die dertigtal. So ook Elganan seun van Dodo uit Betlehem,

²⁵Samma uit Garod, Elika uit Garod,

²⁶Geles uit Pelet, Ira seun van Ikkes uit Tekoa,

²⁷Abiëser uit Anatot, Sibbekai uit Gusa,

²⁸Salmon uit Agoag, Marai uit Netofa,

- ²⁹Geled seun van Baäna uit Netofa, Ittai seun van Ribai uit Gibeä in Benjamin,
³⁰Benaja uit Piraton, Hiddai uit Nagale-Gaäs,
³¹Abi-Albon uit Bet-Araba, Asmawet uit Bagurim,
³²Eljagba uit Saälbon, die seuns van Jasen, Jonatan,
³³Samma uit Harar, Agiam seun van Sarar uit Arar,
³⁴Elifelet seun van Agasbai, seun van iemand uit Maäka, Eliam seun van Agitofel uit Gilo,
³⁵Gesro uit Karmel, Paärai uit Arab,
³⁶Jigal seun van Natan uit Soba, Bani uit Gad,
³⁷Selek die Ammoniet, Nagrai uit Beërot, wapendraer van Joab seun van Seruja,
³⁸Ira uit Jeter, Gareb uit Jeter,
³⁹Urija die Hetiet. Daar was altesaam sewe en dertig.

2 Samuel 24

Dawid laat die volk tel

(Vgl. 1 Kron. 21:1-27)

- ¹Op 'n keer was die Here vertoorn op Israel. Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: “Gaan tel die Israeliete en die Judeërs.”
- ²Die koning het vir Joab, die hoof van die leër, wat by hom was, gesê: “Trek rond deur al die Israelitiese stamme van die noorde tot die suide en tel die volk. Ek wil weet hoeveel hulle is.”
- ³Joab het die koning geantwoord: “Selfs al sou die Here u God die volk honderd maal laat vermeerder en die koning sien dit self, watter genot sou dit u verskaf?”
- ⁴Toe die koning egter vir Joab en die leëroffisiere nadruklik so beveel, is hulle van hom af weg om die volk te tel.

⁵Hulle het deur die Jordaan gegaan en by Aroër suid van die stad by die spruit begin. Daarvandaan is hulle na Gad en Jaeser toe

⁶en het hulle Gilead deurgegaan tot by die land onderkant Kades. Toe het hulle by Dan gekom en daarvandaan is hulle oor Sidon,

⁷waarna hulle by die vesting Tirus en al die stede van die Hewiete en Kanaäniete gekom het. Toe is hulle af na Berseba toe in die suide van Juda.

⁸Hulle het die hele land deurreis en na nege maande en twintig dae weer in Jerusalem teruggekom,

⁹en Joab het die uitslag van die telling aan die koning gegee. Israel was ag honderd duisend weerbare man wat kon oorlog maak en Juda vyf honderd duisend.

¹⁰Nadat hy die volk laat tel het, het Dawid se gewete hom gekwel. Hy het teenoor die Here bely: “Ek het swaar gesondig met wat ek gedoen het. Vergewe tog nou my oortreding, Here! Waarlik, ek het baie dwaas opgetree.”

¹¹Nadat Dawid die oggend opgestaan het, het die profeet Gad, die siener van Dawid, na hom toe gekom. Die woord van die Here het tot Gad gekom en gesê:

¹²“Gaan sê vir Dawid: So het die Here gesê: Ek lê drie dinge aan jou voor. Kies vir jou een daarvan, dan sal Ek dit laat gebeur.”

¹³Gad het toe vir Dawid die boodskap gebring: “Wat wil jy liever hê? Sewe jaar hongersnood in jou land, of drie maande waarin jy voor jou teenstanders vlug en hulle jou agtervolg, of drie dae lank pes in jou land? Oorweeg nou goed hoe ek Hom wat my gestuur het, moet antwoord.”

¹⁴Dawid het vir Gad geantwoord: “Ek is in 'n hoek gedryf. Laat my liever in die hand van die Here val, want sy genade is groot. Ek wil nie in die hand van 'n mens val nie.”

¹⁵Daarna het die Here 'n pes van die oggend af tot die aand onder Israel ingestuur. Van die noorde tot die suide het daar sewentig duisend gesterf.

¹⁶Net toe die engel sy hand na Jerusalem toe uitsteek om dit te verdelg, het die Here besluit om die straf nie verder te voer nie. Hy het vir die engel wat die verderf onder die volk aanrig, gesê: “Dis nou genoeg. Trek jou hand terug.” Die engel van die Here was toe net by die dorsvloer van Arauna die Jebusiet.

¹⁷Terwyl Dawid die engel sien wat die volk tref, sê hy vir die Here: “Dit is ék wat gesondig het. Ja, ék het oortree. Wat het hierdie arme mense gedoen? Tree liewer op teen my en my familie.”

¹⁸Gad het daardie dag na Dawid toe gekom en vir hom gesê: “Gaan op en bou vir die Here 'n altaar op die dorsvloer van Arauna die Jebusiet.”

¹⁹Dawid het toe opgegaan soos die Here hom deur die woord van Gad beveel het.

²⁰Toe Arauna afkyk en die koning en sy amptenare na hom toe sien aankom, gaan hy uit en buig diep voor die koning.

²¹“Waarom kom die koning na sy dienaar toe? ” vra Arauna. “Om die dorsvloer van jou te koop en 'n altaar vir die Here daarop te bou, sodat die plaag van die volk af weggeneem kan word,” antwoord Dawid.

²²Arauna het vir Dawid gesê: “U kan dit gerus maar vat, U Majesteit, en offer net wat u wil. Kyk, die beeste vir die offer is hier, en die dorsslee en die jukke is beskikbaar as brandhout.

²³U Majesteit, Arauna gee dit alles aan die koning. Mag die Here u God u offer aanneem.”

²⁴Hierop het die koning vir Arauna gesê: “Nee, ek koop dit beslis van jou teen die volle prys. Ek bring nie aan die Here my God offerandes wat my niks kos nie.” Dawid het toe die dorsvloer en die beeste vir sowat ses honderd gram silwer gekoop.

²⁵Hy het net daar 'n altaar vir die Here gebou en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hierna het die Here weer die gebede vir die land verhoor, en die plaag is uit Israel weggeneem.

1 Konings

1 Konings 1

Dawid laat vir Salomo tot koning salf

¹Koning Dawid was al baie oud en selfs as hulle hom goed toegemaak het, het hy nie warm geword nie.

²Sy amptenare sê toe vir hom: “Laat hulle vir U Majesteit 'n jongmeisie soek wat u kan bedien en oppas. Sy kan by u slaap, sodat u weer warm kan word.”

³Nadat hulle deur die hele gebied van Israel gaan soek het na 'n mooi meisie, het hulle vir Abisag, 'n meisie uit Sunem, gekry en haar na die koning toe gebring.

⁴Hierdie meisie was baie mooi en sy het die koning opgepas en versorg, maar die koning het nooit geslagsgemeenskap met haar gehad nie.

⁵Intussen het Adonia, seun van Dawid en sy vrou Gaggit, ewe hoogmoedig by homself gedink: ek gaan binnekort koning wees. Hy skaf toe vir hom 'n strydwa met ruiters aan, en vyftig man om voor hom uit te hardloop.

⁶Sy vader het hom van kleins af nooit berispe of vir hom gevra: “Hoekom maak jy so? ” nie. Adonia, die jonger broer van Absalom, was 'n baie mooi man.

⁷Hy het met Joab seun van Seruja en met die priester Abjatar onderhandel, en hulle het hom ondersteun.

⁸Maar die priester Sadok, Benaja seun van Jojada, die profeet Natan, Simeï, Reï en Dawid se lyfwagte was nie aan Adonia se kant nie.

⁹Adonia het skape, beeste en vetgemaakte kalwers geslag by Sogeletrots langs Rogelfontein en toe al die koning se seuns, sy broers, daarheen genooi, en ook al die manne van Juda wat in die koning se diens was.

¹⁰Maar hy het die profeet Natan, Benaja, die lyfwagte en sy broer Salomo nie genooi nie.

¹¹Natan sê toe vir Batseba, Salomo se moeder: “Het jy gehoor Adonia seun van Gaggit het koning geword, en koning Dawid weet daar niks van nie!

¹²Laat ek jou nou goeie raad gee sodat jy jou eie lewe en jou seun Salomo s'n kan red.

¹³Gaan na koning Dawid toe en sê vir hom: ‘U Majesteit, u het mos vir my met 'n eed beloof my seun Salomo sal na u koning word en dit is hy wat op u troon sal sit. Hoe is dit dan dat Adonia nou koning geword het? ’

¹⁴En terwyl jy nog met die koning praat, sal ek agter jou inkom en die saak verder voer.”

¹⁵Toe het Batseba by die koning in sy kamer ingegaan. Die koning was baie oud, en Abisag die Sunemmitiese meisie was besig om die koning te versorg.

¹⁶Batseba het ingekom en voor die koning gebuig. Die koning sê toe: “Wat kan ek vir jou doen? ”

¹⁷Sy sê vir hom: “U Majesteit, u het mos tog voor die Here u God vir my met 'n eed beloof dat my seun Salomo na u koning sal word, en dat dit hy is wat op u troon sal sit.

¹⁸Maar nou het Adonia koning geword sonder dat u iets daarvan weet.

¹⁹Hy het 'n klomp beeste en kalwers en skape geslag en hy het al die prinse en die priester Abjatar en vir Joab, die hoof van die leer, daarheen genooi. Maar vir Salomo het hy nie genooi nie.

²⁰U Majesteit, die hele Israel kyk nou op na u om vir hulle aan te wys wie u troon ná u sal bestyg.

²¹Moet ek en my seun Salomo dan, nadat u in u graf gelê is, as misdadigers behandel word? ”

²²Terwyl sy nog met die koning praat, kom die profeet Natan daar aan.

²³Iemand sê toe vir die koning: “Hier is die profeet Natan.” Natan kom toe nader en buig diep voor die koning

²⁴en sê: “U Majesteit, het u ooit gesê Adonia moet ná u koning wees en dit is hy wat op u troon moet sit?

²⁵Hy het vandag gegaan en 'n klomp beeste en kalwers en skape geslag, en hy het al die prinse en die leerhoofde en die priester Abjatar genooi. Hulle eet en drink daar saam met hom en hulle roep: 'Lank lewe koning Adonia! '

²⁶Maar vir my en die priester Sadok en Benaja seun van Jojada, en Salomo het hulle nie genooi nie.

²⁷As hierdie optrede met u toestemming plaasvind, dan het u ons nie ingelig oor wie ná u op u troon moet sit nie.”

²⁸Toe sê koning Dawid: “Roep vir Batseba hier na my toe.” Sy het nader gekom en voor die koning gaan staan.

²⁹Toe lê die koning 'n eed af en sê: “So seker as die Here leef wat my uit alle benoudheid verlos het:

³⁰soos ek vir jou met 'n eed voor die Here die God van Israel bevestig het dat jou seun Salomo ná my koning sal word, en dat hy in my plek op die troon sal sit, so doen ek dit nou weer.”

³¹Batseba het voor die koning gekniel en gebuig en sy het gesê: “Mag koning Dawid baie lank lewe.”

³²Toe gee koning Dawid opdrag: “Gaan roep vir my die priester Sadok en die profeet Natan en Benaja seun van Jojada.” Toe hulle by die koning kom,

³³sê hy vir hulle: “Vat my lyfwagte saam met julle en laat my seun Salomo op my eie muil ry. Vat vir Salomo na die Gihonfontein toe

³⁴en laat die priester Sadok en die profeet Natan hom daar tot koning oor Israel self. Dan moet julle die ramshoring blaas en roep: ‘Lank lewe koning Salomo! ,

³⁵Julle moet agter hom aangaan, en hy moet binnegaan en op my troon gaan sit, want dit is hy wat my as koning opvolg. Ek gee opdrag dat hý heerser moet wees van Israel en Juda.”

³⁶Benaja seun van Jojada sê toe: “So is dit, en mag die Here u God ook so sê.

³⁷Mag Hy by Salomo wees soos Hy by u was. Mag Hy die heerskappy van Salomo nog groter maak as koning Dawid s'n."

³⁸Die priester Sadok, die profeet Natan en Benaja seun van Jojada en die koninklike lyfwag het toe so gemaak. Hulle het Salomo op koning Dawid se muil laat ry en hom by Gihonfontein gebring.

³⁹Die priester Sadok het 'n horing vol olie uit die heiligdom saamgebring en hy het vir Salomo gesalf. Toe blaas hulle die ramshoring, en die mense roep: "Lank lewe koning Salomo! "

⁴⁰Hulle gaan toe almal agter hom aan terwyl hulle op fluite blaas en juig dat die aarde daarvan dreun.

⁴¹Adonia en sy gaste was net klaar met eet toe hulle dit hoor. Toe Joab die ramshoring hoor, vra hy: "Wat is die stad so rumoerig? "

⁴²Hy het nog gepraat toe Jonatan seun van die priester Abjatar daar aankom. Adonia sê toe vir hom: "Kom nader. Jy is mos 'n wakker man. Jy bring seker goeie nuus."

⁴³Jonatan het vir Adonia geantwoord: "Inteendeel! Koning Dawid het vir Salomo koning gemaak!

⁴⁴Die koning het die priester Sadok, die profeet Natan, Benaja seun van Jojada, en die koninklike lyfwag saam met hom gestuur. Hulle het hom op die koning se muil laat ry,

⁴⁵en die priester Sadok en die profeet Natan het hom by Gihonfontein tot koning gesalf. Daarvandaan het hulle met 'n gejuig teruggegaan. Dit is die rumoer wat julle in die stad gehoor het.

⁴⁶Salomo sit nou op die troon.

⁴⁷Die amptenare van die koning het ook gekom om koning Dawid geluk te wens. Hulle het gesê: 'Mag u God vir Salomo nog beroemder maak as vir u en sy regering nog roemryker as dié van u.' Die koning het op sy bed gekniel

⁴⁸en gesê: Aan die Here die God van Israel kom die lof toe, Hy wat gegee het dat daar vandag iemand op my troon sit en dat my eie oë dit kan sien.”

⁴⁹Toe het die gaste van Adonia almal verskrik opgespring en gemaak dat hulle wegkom.

⁵⁰Omdat Adonia bang was vir Salomo, het hy aan die horings van die altaar gaan vashou.

⁵¹Iemand het vir Salomo kom vertel: “Adonia is bang vir u, koning Salomo. Hy klou aan die horings van die altaar vas en hy sê: Koning Salomo moet eers vir my met 'n eed bevestig dat hy my nie sal doodmaak nie.”

⁵²“As hy hom goed gedra,” sê Salomo toe, “sal daar nie aan 'n haar op sy kop geraak word nie. Maar as hy kwaad doen, moet hy dood.”

⁵³Koning Salomo het beveel dat hulle hom by die altaar moet gaan haal. Toe hy by koning Salomo kom, het Adonia voor hom gebuig. En Salomo sê vir hom: “Gaan bly by jou huis! ”

1 Konings 2

Dawid se laaste bevele

¹Toe Dawid se einde nader, het hy sy seun Salomo beveel:

²“Noudat ek die pad van alle mense moet gaan, moet jy sterk wees en soos 'n man optree.

³Hou jou aan wat die Here jou God jou voorskryf en lewe daarvolgens. Gehoorsaam sy voorskrifte, sy gebooe, sy bepalings en sy verordenings soos dit opgeskryf is in die wet van Moses. Dan sal jy voorspoedig wees in alles wat jy doen en oral waar jy gaan.

⁴Dan sal die Here sy beloftes vervul. Hy het vir my gesê: ‘As jou nakomelinge nougeset leef en met hart en siel aan My getrou bly, sal daar altyd een uit jou nageslag as koning oor Israel regeer! ’

⁵“Jy weet self wat Joab seun van Seruja my aangedoen het, wat hy gedoen het met die twee leerhoofde van Israel, met Abner seun van Ner en met Amasa

seun van Jitra: hy het hulle vermoor, hy het hulle in vrede tyd doodgemaak asof daar oorlog was. Hy het hulle onskuldige bloed op die gordel om sy lyf en op die skoene aan sy voete laat spat.

⁶Doen met hom soos jy dit goedvind. Moenie sy lewe spaar net omdat hy oud is nie.

⁷“Jy moet goed wees vir die seuns van Barsillai van Gilead. Laat hulle van jou tafel af eet, want hulle het vir my kos gebring toe ek vir jou broer Absalom gevlug het.

⁸“Daar is ook nog Simeï seun van Gera die Benjaminiëter, uit Bagurim. Hy het my vreeslik gevloek toe ek die dag na Maganajim toe gegaan het en ons mekaar by die Jordaän teëgekom het. Ek het vir hom voor die Here met 'n eed bevestig dat ek hom nie om die lewe sal bring nie,

⁹maar jy moet hom nou nie verskoon nie. Jy is 'n wyse man en jy sal weet wat om met hom te maak dat hy met die dood gestraf word al is hy al oud.”

¹⁰Dawid is oorlede, en hy is begrawe in die Dawidstad.

¹¹Die duur van sy regering oor Israel was veertig jaar. In Hebron was hy sewe jaar lank koning, en in Jerusalem drie en dertig jaar.

¹²Salomo het sy pa se troon bestyg en 'n stewige houvas op sy koningskap gekry.

Adonia wil met Abisag trou

¹³Adonia seun van Gaggit het na Batseba, Salomo se ma, toe gegaan. Sy het vir hom gevra: “Kom jy in vrede?” “Ja,” sê hy,

¹⁴“ek kom net met u praat.” “Praat maar,” sê sy.

¹⁵Hy sê toe: “U weet self dat die koningskap myne sou word, en dat die hele Israel na my opgesien het om te regeer. Maar dit het anders verloop, die Here het dit so bestem dat my broer koning geword het.

¹⁶Ek wil u nou net een guns vra, en u moet my dit nie weier nie.” “Vra maar,” sê sy.

¹⁷“Koning Salomo sal mos na u luister,” sê hy toe. “Vra hom asseblief dat hy vir my die Sunemmitiese meisie Abisag as vrou gee.”

¹⁸“Goed,” sê Batseba, “ek sal jou versoek aan die koning oordra.”

¹⁹Toe Batseba by koning Salomo binnekom om Adonia se versoek te gaan stel, het Salomo opgestaan en voor haar gebuig. Hy gaan toe weer op sy troon sit en laat vir die koninginmoeder 'n stoel aan sy regterkant naderbring om op te sit.

²⁰Sy sê: “Ek wil 'n klein gunsie van jou vra. Moet my dit nie weier nie.” “My ma kan maar vra, ek sal nie vir haar nee sê nie,” het hy geantwoord.

²¹Sy sê toe: “Laat jou broer Adonia tog vir Abisag die Sunemmitiese meisie as vrou kry.”

²²Toe sê koning Salomo vir sy ma: “Hoekom vra u dat hy vir Abisag moet kry? U kan dan net sowel die hele koningskap vir hom vra, want hy is my ouer broer, en die priester Abjatar en Joab seun van Seruja steun hom! ”

²³Toe het koning Salomo 'n eed voor die Here afgelê: “Mag God my met die dood straf as Adonia nie met sy lewe hiervoor boet nie!

²⁴So seker as die Here leef, Hy wat my koning laat word het en my die troon van my pa laat bestyg het, en vir my 'n koningshuis gevestig het soos Hy beloof het, net so seker moet Adonia vandag nog dood! ”

²⁵Koning Salomo het vir Benaja seun van Jojada gestuur en dié het vir Adonia om die lewe gebring.

Abjatar word ontslaan

²⁶Vir die priester Abjatar het die koning gesê: “Gaan na jou grond toe by Anatot! Jy moes eintlik ook doodgemaak gewees het, maar ek sal jou nie nou doodmaak nie, omdat jy die ark van die Here voor my pa uit gedra het, en omdat jy soveel saam met hom deurgemaak het.”

²⁷Salomo het vir Abjatar ontslaan, sodat hy nie meer priester van die Here was nie. So het die oordeel wat die Here by Silo oor Eli se nageslag uitgespreek het, in vervulling gegaan.

Joab word om die lewe gebring

²⁸Joab, wat 'n ondersteuner van Adonia was maar nie destyds vir Absalom gesteun het nie, het hiervan te hore gekom. Hy het na die heiligdom van die Here toe gevlug en daar die horings van die altaar vasgegryp.

²⁹Toe koning Salomo verneem dat Joab na die heiligdom toe gevlug het en daar by die altaar is, het hy vir Benaja seun van Jojada beveel: “Gaan maak hom dood! ”

³⁰Benaja het na die heiligdom toe gegaan en vir hom gesê: “Die koning sê jy moet uitkom! ” Maar hy sê: “Nee, ek wil hiër sterf.” Benaja het toe eers aan die koning gaan rapporteer wat Joab gesê het.

³¹Die koning sê toe vir Benaja: “Nes hy wil. Maak hom dood en begrawe hom. So sal jy my en my familie onthef van die blaam vir die moorde wat Joab gepleeg het.

³²Die Here laat hom nou sy verdiende straf kry. Hy het twee manne doodgemaak sonder die medewete van my pa: Abner, seun van Ner en hoof van die leer van Israel, en Amasa, seun van Jitra en hoof van die leer van Juda, albei onskuldiger en beter mense as hy.

³³Laat die skuld vir hulle dood vir altyd op Joab en sy nageslag rus, en mag die Here vir altyd vrede gee aan Dawid en sy nageslag en aan sy hele familie en aan sy troon.”

³⁴Toe het Benaja seun van Jojada teruggegaan en vir Joab daar aangeval en hom doodgemaak. Hy is begrawe by sy huis in die veld.

³⁵Koning Salomo het vir Benaja seun van Jojada in Joab se plek aangestel oor die leer, en in die plek van Abjatar het hy vir Sadok as priester aangestel.

Simeï word doodgemaak

³⁶Die koning het vir Simeï laat haal en vir hom gesê: “Jy mag vir jou 'n huis in Jerusalem bou en hier woon, maar jy mag nie uit die stad gaan nie, dit maak nie saak waarheen nie.

³⁷Die dag as jy hier uitgaan en jou voete oor Kedronspruit sit, is jy dood. Dit moet jy beslis weet. Dit sal jou eie skuld wees.”

³⁸Simeï sê toe vir die koning: “Dit is goed so. Ek sal die bevel van die koning eerbiedig.” Simeï het toe 'n hele tyd lank net in Jerusalem gebly,

³⁹maar na drie jaar het twee van sy slawe weggeloop na koning Akis van Gat, seun van Maok, toe. Toe Simeï hoor dat sy slawe in Gat is,

⁴⁰het hy sy donkie opgesaal en na Gat toe gegaan om sy slawe daar by Akis te soek. Simeï het net gegaan en sy slawe uit Gat uit teruggebring,

⁴¹maar toe Salomo hoor dat Simeï uit Jerusalem na Gat toe was en terug is,

⁴²het hy hom laat kom en vir hom gesê: “Ek het jou dan 'n eed voor die Here laat aflê en jou gewaarsku: ‘Die dag as jy hier uitgaan, dit maak nie saak waarheen nie, is jy dood; dit moet jy beslis weet.’ Jy het nog vir my gesê: ‘Dit is goed so. Ek het gehoor.’

⁴³“Waarom het jy jou dan nie aan hierdie eed voor die Here en die bevel wat ek jou gegee het, gehou nie? ”

⁴⁴Die koning het verder vir Simeï gesê: “Jy weet in jou hart watter leed jy my pa aangedoen het. Mag die Here daardie leed op jou eie kop laat afkom,

⁴⁵maar mag dit met my voorspoedig gaan en mag die troon van Dawid vir altyd bestendig wees voor die Here.”

⁴⁶Die koning het vir Benaja seun van Jojada gestuur, en dié het vir Simeï doodgemaak.

⁴⁷So het Salomo 'n stewige houvas op die koningskap gekry.

1 Konings 3

Salomo trou met die farao se dogter

¹Salomo het hom verbind aan die familie van die farao, die koning van Egipte. Hy het getrou met die dogter van die farao en haar in die Dawidstad laat woon totdat hy sy paleis en die tempel van die Here en die muur rondom die stad klaar gebou het.

Salomo gaan offer op Gibeon

(Vgl. 2 Kron. 1:2-13)

²In daardie dae het die volk nog altyddeur op die hoogtes geoffer, omdat daar nog nie 'n tempel vir die Naam van die Here opgerig was nie.

³Salomo het sy liefde vir die Here betoon deur alles te doen wat Dawid, sy pa, hom voorgeskryf het. Hy het egter nog op die hoogtes offers gebring.

⁴Koning Salomo het na Gibeon toe gegaan om daar te offer, omdat die vernaamste hoogte daar was. Salomo het op daardie altaar duisend brandoffers gebring.

⁵Daar in Gibeon het die Here die nag in 'n droom aan Salomo verskyn en vir hom gevra: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou gee? ”

⁶Toe sê Salomo: “U het groot trou aan my vader Dawid bewys. Hy was in sy lewe getrou en gehoorsaam en opreg teenoor U. U het hierdie groot trou aan hom bewys en vir hom 'n seun gegee wat vandag op sy troon sit.

⁷Here my God, U het my koning gemaak in my vader Dawid se plek, maar ek is nog jonk en onervare

⁸en ek moet regeer oor die volk wat deur U uitgekies is, 'n groot volk, te veel om te tel.

⁹Gee my die gehoorsaamheid aan U dat ek u volk reg sal regeer en in alles insig sal hê, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer! ”

¹⁰Die Here het dit goedgevind dat Salomo dít gevra het.

¹¹Hy het vir hom gesê: “Omdat dít jou versoek is en jy nie vir jou 'n lang lewe, of rykdom, of die dood van jou vyande gevra het nie, maar insig in wat reg is,

¹²sal Ek aan jou versoek voldoen. Ek gee aan jou wysheid en insig soos niemand vóór jou gehad het of ná jou sal hê nie.

¹³Ook wat jy nie gevra het nie, gee Ek aan jou: rykdom en aansien, sodat daar onder die konings niemand soos jy sal wees solank jy leef nie.

¹⁴As jy jou in jou optrede hou aan my voorskrifte en gebooe soos jou vader Dawid gedoen het, sal Ek jou ook nog 'n lang lewe gee.”

¹⁵Toe Salomo wakker word, het hy besef dat die Here in 'n droom aan hom verskyn het. Hy is toe terug na Jerusalem toe, en daar het hy voor die verbondsark van die Here gaan staan en brandoffers en maaltydoffers gebring. Hy het ook 'n feesmaal vir al sy amptenare gegee.

Salomo se raad aan twee prostitute

¹⁶Op 'n keer het twee prostitute met 'n saak na die koning toe gekom.

¹⁷“U Majesteit,” sê die een vrou, “ek en hierdie vrou woon in dieselfde huis, en sy was by toe ek 'n kind in die wêreld gebring het.

¹⁸Drie dae daarna het sy ook 'n kind gekry. Ons was saam in die huis en daar was niemand anders nie; net ons twee was daar.

¹⁹Een nag is hierdie vrou se seuntjie dood; sy het hom doodgelê.

²⁰Sy staan toe in die middel van die nag op en vat my seuntjie langs my weg terwyl ek slaap, en lê hom by haar neer, en haar seuntjie wat dood is, lê sy by my neer.

²¹Toe ek die môre opstaan om die kind te laat drink, toe is hy dood! Maar toe ek hom later in die môre goed bekyk, is dit nie my baba nie.”

²²Toe sê die ander vrou: “Nee, die een wat lewe, is myne. Dis jou seuntjie wat dood is! ” En die eerste vrou sê: “Dis jou seuntjie wat dood is! Die een wat lewe, is myne! ” So het hulle voor die koning gestaan en stry.

²³Die koning redeneer toe by homself: die een sê: “Die seuntjie wat lewe, is myne, joune is dood,” en die ander sê: “Nee, jou seuntjie is dood; die een wat lewe, is myne.”

²⁴Toe beveel die koning: “Bring vir my 'n swaard! ” Hulle het die swaard gebring,

²⁵en die koning het gesê: “Sny die kind wat lewe in twee stukke en gee vir elkeen van hulle 'n helfte! ”

²⁶Maar die ma van die kind wat lewe, begin toe by die koning smeek, want haar hart het inmekaar gekrimp oor die lot van haar baba, en sy sê: “Asseblief,

U Majesteit, gee die seuntjie wat lewe vir haar, moet hom tog net nie doodmaak nie.” Maar die ander vrou sê: “As ek hom nie kry nie, kry jy hom ook nie. Sny hom deur! ”

²⁷Toe sê die koning: “Moenie die kind doodmaak nie, maar gee hom vir die een dáár, sý is die ma! ”

²⁸Die hele Israel het gehoor van die uitspraak wat die koning gelewer het, en hulle het hoë agting vir die koning gekry, want dit het vir hulle duidelik geword dat hy van God self wysheid ontvang het om regsake uit te wys.

1 Konings 4

Salomo se hoofamptenare

¹Salomo was koning oor die hele Israel.

²Sy hoofamptenare was die volgende: Asarja seun van Sadok was hoëpriester;

³Eligoref en Agija, seuns van Sisa, was administratiewe beamptes; Josafat seun van Agilud was die hoof uitvoerende beampte;

⁴Benaja seun van Jojada was hoof van die leer. Sadok en Abjatar was priesters.

⁵Asarja seun van Natan was hoof van die streekbestuurders; Sabud seun van Natan was 'n priester en persoonlike raadgewer van die koning.

⁶Agisar was paleisopsigter; Adoniram seun van Abda was in beheer van die dwangarbeid.

Salomo se streekbestuurders

⁷Salomo het twaalf streekbestuurders in die hele Israel aangestel met die oog op die onderhoud van die koning en sy hof. Elkeen was verantwoordelik vir een maand per jaar se onderhoud.

⁸Hulle name was: Ben-Gur in die Efraimsberge;

⁹Ben-Deker in Makas, Saälbim, Bet-Semes en Elon-Bet-Ganan;

¹⁰Ben-Gesed in Arubbot, dit het Soko en die hele Geferstreek ingesluit;

¹¹Ben-Abinadab in die hele berggebied van Dor; sy vrou was Tafat 'n dogter van Salomo;

¹²Baäna seun van Agilud in Taänak en Megiddo en ook in Bet-San wat grens aan Saretan onderkant Jisreël; dit is dus van Bet-San af tot by Abel-Megola en tot anderkant Jokmoam;

¹³Ben-Geber in Ramot in Gilead; hierby was ingereken die tentdorpe van Jaïr seun van Manasse in Gilead, en ook die Argobgebied in Basan, sestig groot stede met mure rondom en poortgrendels van brons;

¹⁴Aginadab seun van Iddo in Maganajim;

¹⁵Agimaäs in Naftali; hy was getroud met Basemat, ook 'n dogter van Salomo;

¹⁶Baäna seun van Gusai in Aser en Alot;

¹⁷Josafat seun van Paruag in Issaskar;

¹⁸Simeï seun van Ela in Benjamin;

¹⁹Geber seun van Uri in die Gileadstreek, dit is die vroeëre gebied van die Amoritiese koning Sihon, en van koning Og van Basan; in hierdie hele streek was daar net die een bestuurder.

Voorspoed tydens Salomo se regering

²⁰Juda en Israel was so baie soos die sand aan die see. Hulle het volop te eet en te drink gehad, en hulle was gelukkig.

²¹Salomo het geheers oor al die koninkryke van die Eufraatrivier af tot by die gebied van die Filistyne, dit wil sê tot by die grens van Egipte. Hulle het belasting betaal en was onderhorig aan Salomo solank hy geleef het.

²²Salomo se daaglikse kosvoorrade was vyf ton fynmeel en tien ton broodmeel,

²³tien vetgevoerde beeste, twintig veldbeeste en honderd stuks kleinvee, behalwe nog takbokke, gemsbokke, ribbokke en vetgemaakte pluimvee.

²⁴Salomo het geheers oor alles wes van die Eufraatrivier, van Tifsag af tot by Gasa, oor al die konings wes van die Eufraat. Na alle kante toe was daar vrede,

²⁵en solank Salomo geleef het, het die Judeërs en die Israeliete van Dan af tot by Berseba veilig gewoon, elkeen met sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom om onder te sit.

²⁶Salomo het veertig duisend trekperde op stal gehad vir sy strydwaens en ook twaalf duisend ryperde.

²⁷Die streekbestuurders het elkeen een maand per jaar vir koning Salomo en almal wat van sy tafel af geëet het, van kos voorsien. Hulle het gesorg dat niks ontbreek nie.

²⁸Hulle het ook die gars en die hooi vir die ryperde en die trekperde gebring op die plekke wat met elkeen gereël was.

Salomo se wysheid

²⁹God het aan Salomo baie groot wysheid en verstand gegee en insig in soveel sake as wat daar sand aan die see is.

³⁰Salomo het meer wysheid gehad as al die ander mense, van die ooste af tot in Egipte.

³¹Hy het meer wysheid gehad as enigiemand anders, meer as Etan die Esragiet, en meer as Heman, Kalkol en Darda, seuns van Magol. Sy naam het bekend geraak onder al die nasies in die omtrek.

³²Hy het drie duisend spreuke gemaak en duisend en vyf liedere gedig.

³³Hy het verse gemaak oor bome en plante, van die seders op die Libanon tot die hisop wat uit die mure groei; hy het gedig oor diere, voëls, reptiele en visse.

³⁴Van oral af het daar mense gekom om na Salomo se wysheid te luister, afgesante van al die konings wat gehoor het dat hy so 'n wyse man is.

1 Konings 5

Reëlins vir die bou van die tempel. Salomo en Hiram sluit 'n verdrag

(Vgl. 2 Kron. 2:1-16)

¹Koning Hiram van Tirus het ook gesante na Salomo toe gestuur toe hy hoor dat hulle hom tot koning gesalf het in die plek van sy pa, want Hiram was altyd baie geheg aan Dawid.

²Toe rig Salomo die volgende versoek aan Hiram:

³“Dit is aan u bekend dat Dawid, my pa, nie 'n tempel vir die Naam van die Here sy God kon bou nie, omdat hy so dikwels in oorlog betrokke was. Die Here het hom die oorwinning oor al sy vyande gegee

⁴en nou het die Here ook vir my aan alle kante rus gegee. Daar is nêrens enige teëstander of gevaar wat my bedreig nie.

⁵Daarom het ek nou besluit om 'n tempel vir die Naam van die Here my God te bou. Dit sal die vervulling wees van die Here se belofte aan my pa toe die Here gesê het: ‘Jou seun wat Ek in jou plek sal laat regeer, hý sal 'n tempel vir my Naam bou.’

⁶My versoek is nou dat u vir my sederhout op die Libanon laat kap. My eie arbeiders sal saam met u arbeiders werk. Ek sal ook aan u die loon betaal wat u vir u arbeiders vasstel, want soos u weet, het ons nie mense wat die houtkappery ken soos die Sidoniërs nie.”

⁷Hiram was baie bly toe hy hierdie versoek van Salomo ontvang. Hy het uitgeroep: “Geloof sy die Here vandag, omdat Hy vir Dawid 'n wyse seun gegee het om koning te wees oor hierdie groot volk! ”

⁸Hiram het toe vir Salomo geantwoord: “Ek het u bestelling ontvang. Ek sal al die seder- en sipreshout lewer wat u wil hê.

⁹My werkers sal dit van die Libanon af see toe bring. Daar sal ek dit in vlotte bind en na die afgesproke plek toe laat bring en weer losmaak. U kan dit daarvandaan verder vervoer. U moet dan aan my kos voorsien vir my huishouding soos ek dit nodig kry.”

¹⁰So het Hiram aan Salomo seder- en sipreshout gelever, soveel as wat hy nodig gehad het,

¹¹en Salomo het jaar vir jaar aan Hiram drie duisend drie honderd ton koring gelever vir die onderhoud van sy huishouding, en ook vier duisend vier honderd liter van die suiwerste olyfolie.

¹²Die Here het aan Salomo wysheid gegee soos Hy belowe het. Daar was 'n goeie verhouding tussen Hiram en Salomo, en hulle het 'n verdrag gesluit.

¹³Koning Salomo het vir die hele Israel dwangarbeid ingestel en so 'n arbeidsmag van dertig duisend man bymekaargebring.

¹⁴Hy het om die beurt elke maand tien duisend na die Libanon toe gestuur, sodat hulle elkeen een maand op die Libanon was en twee maande tuis. Adoniram het beheer gehad oor die dwangarbeid.

¹⁵Salomo het sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge aan die werk gehad,

¹⁶behalwe nog die drie duisend drie honderd opsigters oor die werk, wat moes toesien dat die arbeiders die werk doen.

¹⁷Die koning het beveel dat hulle groot klip van goeie gehalte moes uitkap, sodat die fondamente van die tempel met gekapte klip gelê kon word.

¹⁸Die bouers van Salomo en van Hiram en die mense van Gebal het dit verder reggekap en dan die hout en die klippe reg gesit vir die bou van die tempel.

1 Konings 6

Die tempel word gebou

(Vgl. 2 Kron. 3:1-14)

¹Vier honderd en tagtig jaar nadat die Israëliete uit Egipte getrek het, vier jaar nadat Salomo koning van Israel geword het, het hy begin bou aan die tempel van die Here. Dit was in die maand Sif, die tweede maand.

²Die tempel wat koning Salomo vir die Here gebou het, was dertig meter lank, tien meter breed en vyftien meter hoog.

³Die voorportaal aan die voorkant van die tempel was tien meter lank, net so lank as wat die tempel breed was. Die breedte daarvan was vyf meter.

⁴Salomo het in die tempel vensters aangebring met kosyne en met traliewerk voor.

⁵Rondom teen die muur van die tempel het hy 'n platform gebou. Dit het om die mure van die voorste en die binneste heiligdom gestrek, en daarop het hy verdiepings gebou.

⁶Die onderste verdieping was twee en 'n half meter breed, die middelste drie meter en die derde drie en 'n half meter. Hy het die tempelmuur so gebou dat dit aan die buitekant regoor elke verdieping nouer was as regoor die vorige, sodat hy nie nodig sou hê om die verdiepings in die tempelmuur self vas te bou nie.

⁷Vir die bou van die tempel is klaar gekapte klip uit die groewe gebruik. Daar was geen geraas van hamers, beitels of enige ander ystergereedskap by die tempel toe dit gebou is nie.

⁸Die ingang na die middelste verdieping was aan die suidekant van die tempel. 'n Mens kon ook deur 'n luik opgaan na die middelste verdieping toe en daarvandaan na die derde toe.

⁹Nadat Salomo die tempel klaar gebou het, het hy 'n dak van oorkruis gelegde sederbalke opgesit.

¹⁰Die platform wat hy buite om die hele tempel gebou het, was twee en 'n half meter hoog, en hy het dit met sederbalke aan die tempelmuur vasgesit.

¹¹Die woord van die Here het tot Salomo gekom en gesê:

¹²“Jy bou nou die tempel. As jy volgens my voorskrifte leef en my bepalings uitvoer en jou aan al my gebooie hou en volgens hulle leef, sal Ek my beloftes wat Ek aan jou vader Dawid gemaak het, nakom teenoor jou.

¹³Ek sal tussen die Israeliete woon, Ek sal my volk Israel nie verlaat nie.”

¹⁴Nadat Salomo die tempel klaar gebou het,

¹⁵het hy die mure van die tempel aan die binnekant met sederplanke bedek; van die vloer af tot teen die dakbalke het hy dit met hout oorgetrek. Die vloer self het hy van sipresplanke gemaak.

¹⁶Hy het agter in die tempel tien meter afgeskort met sederplanke, van die vloer af tot teen die dak, en so aan die binnekant 'n binneste heiligdom ingerig, die Allerheiligste.

¹⁷Die groot vertrek, die voorste heiligdom, was twintig meter lank.

¹⁸Dit was aan die binnekant uitgevoer met sederhout, waarop kalbasse en blomknoppe uitgesny is. Alles was sederhout, daar was nie klip sigbaar nie.

¹⁹Hy het die binneste heiligdom binne in die tempel ingerig om die verbondsark van die Here daar te sit.

²⁰Die binneste heiligdom was tien meter lank, tien meter breed en tien meter hoog. Salomo het dit oorgetrek met geslae goud, en die altaar voor die binneste heiligdom het hy met sederhout oorgetrek.

²¹Hy het ook die groot vertrek met geslae goud oorgetrek aan die binnekant, en hy het goue kettings gespan voor die binneste heiligdom, wat hy ook met goud oorgetrek het.

²²Die hele vertrek, so groot soos hy was, is met goud oorgetrek, en ook die hele altaar by die binneste heiligdom.

²³In die binneste heiligdom het hy twee gerubs van olyfhout aangebring, vyf meter hoog.

²⁴Elke vlerk van die gerubs was twee en 'n half meter lank. Van punt tot punt was die vlerke van die een gerub dus vyf meter

²⁵en net so ook die ander een s'n. Die twee gerubs was ewe groot en het eenders gelyk.

²⁶Die een was vyf meter hoog, en die ander een ook.

²⁷Salomo het die gerubs in die binneste vertrek gesit. Hulle vlerke was uitgestrek; die een se een vlerk het aan die een muur geraak en die ander se een vlerk aan die ander muur. Presies in die middel van die vertrek het hulle ander vlerke aan mekaar geraak.

²⁸Salomo het die gerubs met goud oorgetrek.

²⁹Rondom teen al die mure van die tempel het Salomo gerubs, palms en blomknoppe in houtsneewerk aangebring, in die binneste en in die buitenste vertrekke.

³⁰Hy het ook altwee vertrekke se vloere met goud oorgetrek.

³¹Vir die binneste heiligdom het hy 'n dubbeldeur van olyfhout gemaak. Die kosyn het 'n vyfhoek gevorm.

³²Op die twee deure van olyfhout het hy gerubs, palms en blomknoppe laat uitsny en dit met goud oorgetrek. Hy het die goud oor die gerubs en die palms aangebring.

³³Dieselfde het hy gedoen by die ingang van die voorste heiligdom. Die kosyn was ook van olyfhout, maar daar het dit 'n vierhoek gevorm.

³⁴Die twee dubbeldeure was van sipreshout. Op die twee vleuels van elke deur was sirkels uitgesny.

³⁵Salomo het ook gerubs, palms en blomknoppe op die deure uitgesny en dit met goud oorgetrek. Die goud is in die uitgesnyde dele vasgeslaan.

³⁶Hy het die binneste voorhof gebou van drie lae gekapte klip en een laag sederhout.

³⁷Die fondament van die huis van die Here is gelê in die vierde jaar, in die maand Sif,

³⁸en die tempel met al sy toebehore en sy hele inrigting is voltooi in die elfde jaar, in die maand Bul, die agste maand. Hulle het sewe jaar aan die tempel gebou.

1 Konings 7

Salomo se paleis

¹Aan sy paleis het Salomo dertien jaar gebou voor hy heeltemal klaar was daarmee.

²Hy het ook die Libanonsbosgebou opgetrek, vyftig meter lank, vyf en twintig meter breed en vyftien meter hoog, op vier rye sederhoutpilare en met sederhoutbalke op die pilare.

³Bo-oor die verdiepings was daar 'n dak wat gerus het op vyf en veertig pilare, vyftien in 'n ry.

⁴Daar was drie rye vensters met kosyne, telkens drie vensters regoor mekaar.

⁵Al die deurkosyne was reghoekig en het lateie gehad. Daar was telkens drie deure regoor mekaar.

⁶Salomo het ook 'n pilaargang gebou, vyf en twintig meter lank en vyftien meter breed. Dit het 'n voorportaal aan die voorkant gehad, met pilare en 'n afdak voor.

⁷Salomo het ook 'n troonsaal ingerig, die regsaaal, waar hy hofsake verhoor het. Dit was van die vloer af tot teen die dak met sederhout uitgevoer.

⁸Die gebou waar hy self gewoon het, was aan die binneplein agter die troonsaal en is op dieselfde manier gebou. Verder het hy 'n woonplek net soos die troonsaal gebou vir die farao se dogter met wie hy getroud was.

⁹Al die geboue van die fondament af tot teen die dak is opgerig van duursame klip wat volgens maat gekap en aan weerskante met die saag afgewerk is. Ook die gedeelte buitekant tot teen die groot voorhof is so gebou.

¹⁰Die fondamente was van groot, duursame klippe, klippe van vyf meter en vier meter.

¹¹Bo-op was duursame klip, volgens maat gekap, en sederhout.

¹²Die mure van die groot voorhof rondom is gebou van drie lae gekapte klip en een ry sederhoutbalke, net soos die binneste voorhof van die huis van die Here en die voorportaal van die paleis.

'n Beskrywing van Hiram se werk

(Vgl. 2 Kron. 3:15-17; 4:2 -- 5:1)

¹³Koning Salomo het die dienste bekom van Hiram van Tirus.

¹⁴Hiram was die seun van 'n weduwee uit die Naftalistam en sy pa was 'n Tiriër, 'n vakman in bronswerk. Hiram kon enige bronswerk met vaardigheid, insig en vernuf uitvoer. Hy het in diens van koning Salomo getree en alles gedoen wat dié hom opgedra het.

¹⁵Hiram het die twee bronspilare gegiet, nege meter hoog en ses meter in die omtrek.

¹⁶Hy het twee kapitele gemaak, in brons gegiet, om bo-op die pilare te sit. Elke kapiteel was twee en 'n half meter hoog.

¹⁷Daar was roosters met gevlegte kettingwerk aan die kapitele bo-op die pilare, sewe kettings aan elke kapiteel.

¹⁸Dit is hoe hy die pilare gemaak het. Op elke rooster teen die kapitele het hy rondom twee rye granate aangebring.

¹⁹Die kapitele bo-op die pilare by die voorportaal was in die vorm van blomkelke, twee meter hoog.

²⁰Aan die bokant van die kapitele op die pilare net waar die kelke dikker word, teen die kante van die roosters, was rondom twee honderd granate in rye.

²¹Hiram het die pilare by die voorportaal van die tempel opgestel. Die een wat hy regs opgestel het, het hy Jakin genoem, en die een links Boas.

²²Bo-op die pilare was die kapitele in die vorm van blomkelke. Daarmee was die werk aan die pilare afgehandel.

²³Hy het ook die gegote waterbak gemaak, heeltemal rond, vyf meter in deursnee, twee en 'n half meter hoog, en met 'n omtrek van vyftien meter.

²⁴Rondom onder die rand van die waterbak was twee rye kalbasse in reliëf, tien op elke halwe meter. Die kalbasse is saam met die waterbak in een stuk gegiet.

²⁵Die waterbak het gerus op twaalf gegote beeste, drie na die noorde gerig, drie na die weste, drie na die suide en drie na die ooste. Die waterbak was bo-op hulle, en almal se agterkante was onder die bak in.

²⁶Die wande van die waterbak was sowat nege sentimeter dik en sy rand was soos 'n beker se rand in die vorm van die kelk van 'n lelie. Dit kon vier en veertig kiloliter bevat.

²⁷Hiram het tien waentjies van brons gemaak. Elke waentjie was twee meter lank, twee meter breed en een en 'n half meter hoog.

²⁸Die waentjies is soos volg gemaak: Hulle het sypaneel gehad tussen die rame,

²⁹en op die sypanele en die rame was daar leeus, beeste en gerubs. Bokant en onderkant die leeus en die beeste was kransies in reliëf.

³⁰Elke waentjie het vier bronswiele gehad met brons-asse aan die vier voetstukke. Die waskom het gerus op staanders, gegiet met kransies aan die kante.

³¹Die opening aan die binnekant van die bostuk was 'n halwe meter diep. Die opening was rond en was saam met die raamwerk daarvan 'n driekwart meter in deursnee. Daar was ook graveerwerk rondom die opening. Die sypanele van die waentjies was vierkantig, nie rond nie.

³²Die vier wiele was onder die sypanele, en die wiele se asse was aan die waentjie vas. Elke wiel was 'n driekwart meter in deursnee.

³³Die wiele was gemaak soos strydawiele, hulle asse en vellings en speke en nawe was alles van gietwerk.

³⁴Die vier staanders aan die vier hoeke van elke waentjie het 'n geheel gevorm met die waentjie.

³⁵Bo-op elke waentjie was daar 'n ronde staander, 'n kwart meter hoog, met plate aan die kante toegemaak.

³⁶Hiram het op die plate van die staander en op die sypanele, oral waar daar plek was, gerubs, leeus en palms uitgesny, asook kransies rondom.

³⁷So het hy die tien waentjies gemaak, gegiet in dieselfde vorm, almal eenders en ewe groot.

³⁸Hy het tien waskomme van brons gemaak. Elkeen kon ag honderd en tagtig liter hou en was twee meter in deursnee. Daar was 'n waskom vir elkeen van die tien waentjies.

³⁹Hy het vyf waentjies regs van die tempel gesit en vyf links. Die waterbak het hy regs van die tempel gesit, aan die suidoostekant.

⁴⁰Hiram het die waskomme, die skoppe en die komme vir besprinkeling gemaak. So het hy al die werk afgehandel wat hy vir koning Salomo aan die huis van die Here moes doen:

⁴¹die twee pilare met die komvormige skywe, die kapitele bo-aan die twee pilare, en ook die roosters waarmee die skywe van die kapitele bo-aan die pilare toegemaak is;

⁴²die vier honderd granate vir die twee roosters, 'n dubbele ry granate vir elke rooster waarmee die skywe van die kapitele bo-aan die pilare toegemaak is.

⁴³Hy het ook die tien waentjies met die tien waskomme daarop gemaak,

⁴⁴die waterbak met die twaalf beeste daaronder,

⁴⁵die potte, die skoppe, die komme vir besprinkeling en al die toebehore van die heiligdom. Hiram het dit vir koning Salomo vir die huis van die Here gemaak van gepoleerde brons.

⁴⁶Die koning het dit in die omgewing van die Jordaan, tussen Sukkot en Saretan, in kleivorms laat giet.

⁴⁷Salomo het al die goed op hulle plekke laat sit. Daar is so baie brons gebruik dat dit nie geweeg kon word nie.

⁴⁸Salomo het ook al die toerusting vir die huis van die Here laat maak: die goue altaar, die goue tafel vir die offerbrood;

⁴⁹die kandelaars van suiwer goud, vyf regs en vyf links voor die binneste heiligdom; die blomkelke, die lampe en die goue pithouers;

⁵⁰die bakke, die skêre, die komme vir besprinkeling, die panne en die vuurbakke, alles van suiwer goud. Ook die skarniere aan die deure van die binneste vertrek, die Allerheiligste, en dié aan die deure van die voorste heiligdom was van goud.

⁵¹Nadat al die werk wat koning Salomo aan die huis van die Here gedoen het, afgehandel was, het hy die gewyde gawes van Dawid, sy pa, ingebring. Die

silwer en die goud en die toebehore het hy in die voorraadkamers van die huis van die Here gesit.

1 Konings 8

Die ark word in die tempel gesit

(Vgl. 2 Kron. 5:2-10,14)

¹Daarna het Salomo die leiers van Israel, al die stamhoofde en die Israelitiese familiehoofde, by hom in Jerusalem bymekaargeroep om die verbondsark van die Here uit die Dawidstad, Sion, te laat uitbring.

²Al die manne van Israel het op die feesdag in die maand Etanim, die sewende maand, by koning Salomo vergader.

³Nadat al die leiers van Israel gekom het, het die priesters die ark opgetel

⁴en die ark, die tent van ontmoeting en al die toebehore van die heiligdom wat in die tent was, gedra. Die priesters en die Leviete het dit gedra.

⁵Koning Salomo en die hele gemeente van Israel wat saam met hom voor die ark was, het soveel kleinvee en beeste geoffer dat dit nie getel of bereken kon word nie.

⁶Toe het die priesters die verbondsark van die Here na sy plek toe gebring onder die vlerke van die gerubs in die binneste heiligdom van die tempel, dit is die Allerheiligste.

⁷Die gerubs se vlerke was oopgesprei oor die staanplek van die ark. Hulle het die ark en sy draaghoute aan die bokant bedek.

⁸Die draaghoute was so lank dat hulle punte gesien kon word van die voorkant van die binneste heiligdom af, maar hulle kon nie van buite af gesien word nie. Hulle is vandag nog daar.

⁹Daar was niks in die ark nie behalwe die twee plat klippe wat Moses by Horeb daarin gesit het toe die Here by die uittog van die Israeliete uit Egipte met hulle 'n verbond gesluit het.

¹⁰Toe die priesters uit die heiligdom kom, het 'n wolk die huis van die Here gevul.

¹¹Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die huis van die Here gevul het.

Toespraak van Salomo

(Vgl. 2 Kron. 6:1-11)

¹²Toe het Salomo gesê: “Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon.

¹³Daarom, Here, het ek vir U 'n waardige huis gebou, 'n verblyf waar U altyd kan woon.”

¹⁴Daarna het die koning sy gesig na die hele gemeente van Israel toe gedraai en die hele gemeente van Israel geseën terwyl hulle daar staan.

¹⁵Hy het gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat aan my vader Dawid 'n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het. Die woorde van die Here was:

¹⁶‘Van die dag af dat Ek my volk Israel uit Egipte gebring het, het Ek uit al die stamgebiede van Israel nie 'n stad gekies waar 'n tempel gebou kan word sodat my Naam daar kan wees nie, maar Ek het vir Dawid gekies sodat hy oor my volk Israel kon regeer.’

¹⁷“My vader Dawid wou 'n tempel bou vir die Naam van die Here die God van Israel,

¹⁸maar die Here het vir my vader Dawid gesê: ‘Dat dit jou voorneme is om 'n tempel vir my Naam te bou — dit is goed dat jy die voorneme het.

¹⁹Maar nie jý sal die tempel bou nie; jou seun wat uit jou voortgekom het, hy sal die tempel vir my Naam bou.’

²⁰“Die Here het die belofte nagekom wat Hy gemaak het. Ek het my vader Dawid se plek geneem en op die troon van Israel gekom soos die Here beloof het. Die tempel vir die Naam van die Here die God van Israel het ek gebou

²¹en die ark waarin die verbond van die Here is wat Hy met ons voorvaders gesluit het toe Hy hulle uit Egipte gebring het, het ek daar gesit.”

Gebed van Salomo

(Vgl. 2 Kron. 6:12-49)

²²Toe gaan staan Salomo regoor die altaar van die Here, voor die hele gemeente van Israel, en strek sy hande uit na die hemel toe

²³en sê: “Here, God van Israel, in die hemel of op die aarde is daar nie nog 'n God soos U nie. U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor u dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe.

²⁴U het U gehou aan wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het. U het die belofte gemaak en dit so soos dit vandag is, deur u woord en u mag vervul.

²⁵“Here, God van Israel, bly dan nou by wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het toe U gesê het: ‘Ek sal sorg dat daar altyd iemand uit jou nageslag op die troon van Israel sal wees, mits jou nakomelinge let op hulle optrede en volgens my woord lewe, soos jy gemaak het.’

²⁶“God van Israel, laat die belofte wat U aan u dienaar, my vader Dawid, gemaak het, ook verder vas staan.

²⁷“Sou God werklik op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!

²⁸“Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar vandag tot U rig.

²⁹Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid.

³⁰Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog!

³¹“As iemand sy naaste kwaad aandoen en dié hom 'n eedverpligting oplê om hom onder 'n vloek te plaas, en hy kom en spreek die eed uit voor u altaar in hierdie tempel,

³²luister tog uit die hemel en gryp in en vel die beslissing oor u dienaars sodat die skuldige die straf vir sy daade dra en die onskuldige gelyk gegee word soos dit by sy onskuld pas.

³³“As u volk Israel deur 'n vyand verslaan word omdat hulle teen U gesondig het en hulle kom tot inkeer en bely u Naam en bid tot U in hierdie huis en smeek U,

³⁴luister tog uit die hemel en vergeef u volk Israel se sonde en laat hulle terugkom na die land wat U aan hulle voorvaders gegee het.

³⁵“Wanneer die hemele toegesluit bly en daar nie reën is nie omdat hulle teen U sondig, en hulle bid na hierdie plek toe en bely u Naam terwyl hulle hulle van hulle sonde bekeer en vra dat U hulle gebed sal verhoor,

³⁶luister tog uit die hemel en vergeef u dienaars en u volk Israel se sonde en gee reën op u land wat U aan u volk as besitting gegee het. So leer U hulle die goeie weg wat hulle moet bewandel.

³⁷“Sou daar hongersnood in die land kom, sou daar pes uitbreek, brandkoring of roes, swerms sprinkane en voetgangers, sou dit gebeur dat die volk se vyande hom in sy stede hier in die land beleër, watter plaag of siekte hom ook al tref,

³⁸luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van u hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek;

³⁹luister tog uit die hemel, u woonplek, vergeef en gryp in en gee aan elkeen wat hy verdien soos U sy hart ken, want net U ken elke mens se hart,

⁴⁰sodat hulle aan U gehoorsaam sal wees die hele tyd dat hulle in die land leef wat U aan ons voorvaders gegee het.

⁴¹⁻⁴²“Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid.

⁴³Luister tog uit die hemel, u woonplek, en doen alles wat die vreemdeling U in sy gebed vra, sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos u volk Israel, en dat hulle kan weet u Naam is uitgeroep oor hierdie tempel wat ek gebou het.

⁴⁴“Sou u volk teen sy vyande uittrek in 'n oorlog wat deur U beveel is, en hulle bid tot U, die Here, in die rigting van hierdie stad wat U gekies het en die huis wat ek vir u Naam gebou het,

⁴⁵luister tog uit die hemel na hulle gebed en hulle smeking en gee hulle die oorwinning.

⁴⁶“Sou hulle teen U sondig, want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan 'n vyand oorgee, sodat hulle as gevangenes weggevoer word na die vyand se land toe, ver of naby,

⁴⁷en hulle daar in dié land waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle gevangenskap smekend aanroep: ‘Ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig,’

⁴⁸en hulle tot U wend met hart en siel in die land van hulle vyande wat hulle gevange hou, en hulle bid tot U in die rigting van hulle land wat U aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat deur U gekies is en die tempel wat ek vir u Naam gebou het,

⁴⁹luister tog uit die hemel, uit u woonplek, na hulle gebed en smeking en neem hulle straf weg

⁵⁰en vergeef u volk wat teen U gesondig het, vergeef hulle al hulle opstandigheid teen U en laat dié wat hulle gevange hou, met hulle medelye hê,

⁵¹want hulle is u eie volk, U het hulle uitgelei uit Egipte, uit die smeltoond uit.

⁵²“Wees tog ontvanklik vir die smeking van u dienaar en u volk Israel, verhoor tog elke gebed wat hulle tot U rig.

⁵³U het hulle onder al die volke van die wêreld afgesonder as 'n volk vir U, Here. Dit het gebeur soos U, Here, deur u dienaar Moses gesê het toe U ons voorvaders uit Egipte gebring het.”

Salomo seën die volk

⁵⁴Nadat Salomo klaar hierdie gebed en smeking tot die Here gerig het, het hy opgestaan van waar hy voor die altaar van die Here gekniel het met sy hande uitgestrek na die hemel toe.

⁵⁵Hy het gaan staan en die hele gemeente van Israel hardop geseën:

⁵⁶“Geloof sy die Here wat aan sy volk Israel 'n vaste woonplek gegee het soos Hy beloof het. Nie een van die goeie beloftes wat Hy deur sy dienaar Moses gemaak het, het on vervul gebly nie.

⁵⁷Mag die Here ons God by ons wees soos Hy by ons voorvaders was. Mag Hy ons nooit verlaat of laat vaar nie.

⁵⁸Mag Hy ons gewillig maak om altyd volgens sy wil te leef en ons te hou aan sy gebooie, sy voorskrifte en sy bepalings wat Hy ons voorvaders opgelê het.

⁵⁹Mag hierdie woorde van my wat ek in my smeking voor die Here uitgespreek het, dag en nag by Hom, die Here ons God, wees, sodat Hy die reg van sy dienaar en van sy volk Israel sal handhaaf soos dit van dag tot dag nodig mag wees.

⁶⁰Dan sal al die volke van die wêreld besef die Here is God; daar is nie 'n ander nie.

⁶¹Mag julle met volle oorgawe voor die Here ons God leef volgens sy voorskrifte en julle hou aan sy gebooie, so soos dit vandag is.”

⁶²Die koning en die hele Israel het vir die Here offerandes gebring.

⁶³Salomo het twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend stuks kleinvee as maaltydoffer geoffer. So het die koning en al die Israeliete die huis van die Here ingewy.

⁶⁴Daardie dag het die koning die middelgedeelte van die voorhof wat reg voor die huis van die Here is, gewy, want daar het hy die brandoffer en die graanoffer en die vetgedeeltes van die maaltydoffers verbrand. Die bronsaltaar wat voor die tempel van die Here gestaan het, was te klein vir die brandoffer en die graanoffer en die vetgedeeltes.

⁶⁵Salomo, en die hele Israel saam met hom wat gekom het van Lebo-Hamat af tot by Egiptespruit, 'n groot gemeente, het destyds sewe dae lank fees gehou ter ere van die Here ons God, en daarna weer sewe dae, veertien dae altesaam.

⁶⁶Die dag daarna het Salomo die volk laat gaan. Hulle het hom gegroet en is terug huis toe, bly en gelukkig oor die goeie dinge wat die Here gedoen het aan sy dienaar Dawid en sy volk Israel.

1 Konings 9

Die belofte en dreigement van die Here

(Vgl. 2 Kron. 7:11-22)

¹Nadat Salomo die tempel van die Here en die koninklike paleis klaar gebou en alles wat hy wou doen, voorspoedig afgehandel het,

²het die Here 'n tweede keer aan hom verskyn soos Hy by Gibeon aan hom verskyn het,

³en vir hom gesê: “Ek het jou gebed en jou smeking wat jy tot My gerig het, verhoor. Ek heilig hierdie tempel wat jy gebou het, sodat my Naam altyd daar sal wees. Ek sal altyd daarvoor sorg en daaraan dink.

⁴“En jy, as jy soos jou vader Dawid opreg en met oorgawe voor My leef en alles doen wat Ek jou beveel en my voorskrifte en bepalings nakom,

⁵sal Ek jou heerskappy oor Israel bestendig. So het Ek jou vader Dawid belowe: Daar sal altyd iemand uit jou nageslag wees om oor Israel te regeer.

⁶“Maar as julle en julle nageslag van My af wegdraai en my gebooie en my voorskrifte wat Ek julle gegee het, nie nakom nie en julle gaan dien ander gode en buig voor hulle,

⁷sal Ek Israel wegdryf uit die land wat Ek hulle gegee het, en sal Ek hierdie tempel wat Ek vir my Naam geheilig het, voor My wegvee. Ek sal Israel 'n spot en 'n skimp maak onder al die volke.

⁸Ja, hoe uitsonderlik hierdie tempel ook al was, elke verbyganger sal dan van verbasing sy asem intrek en fluit en vra: ‘Waarom het die Here dit gedoen aan dié land en dié tempel? ’

⁹En dan sal die mense antwoord: Omdat daardie volk die Here hulle God verlaat het, Hy wat hulle voorvaders uit Egipte gebring het. Hulle het hulle aan ander gode verbind en voor hulle gebuig en hulle gedien. Daarom het die Here al hierdie groot rampe oor sy volk gebring.”

Ander mededelings oor Salomo

(Vgl. 2 Kron. 8:1-18)

¹⁰Na afloop van die twintig jaar waarin Salomo die twee geboue opgerig het, die huis van die Here en die koninklike paleis,

¹¹waarvoor koning Hiram van Tirus aan Salomo soveel sederhout, sipreshout en ook goud gelewer het as wat hy wou hê, het koning Salomo twintig stede in Galilea aan Hiram oorgedra.

¹²Toe Hiram hierdie stede wat Salomo aan hom oorgedra het, uit Tirus gaan besigtig, was hy teleurgestel

¹³en het hy gesê: “Wat se stede is dit wat jy vir my gee, my broer! ” Daarom dra dit tot vandag nog die naam “Kabulstreek”.

¹⁴Hiram het aan Salomo meer as vier ton goud gelewer.

¹⁵Vir die bou van die huis van die Here en die paleis, die terras en die muur van Jerusalem, en vir die herbou van die stede Hasor, Megiddo en Geser het koning Salomo van dwangarbeid gebruik gemaak.

¹⁶Die farao, die koning van Egipte, het Geser met sy leër ingeneem, dit aan die brand gestee en die Kanaäniete wat die stad bewoon het, om die lewe gebring. Daarna het hy dit as bruidskat gegee vir sy dogter wat met Salomo getrou het.

¹⁷Salomo het Geser weer opgebou, en ook Bet-Goron-Onder,

- ¹⁸Baälat en Tamar in die woestyn, in die gebied van Juda;
- ¹⁹verder ook al die voorraadstede wat hy besit het, die stede vir die strydwamagte en die berede magte. Hy het ook al die bouwerk wat hy hom voorgeneem het, voltooi: dié in Jerusalem en ook dié op die Libanon en dwarsdeur die hele land waaroor hy geregeer het.
- ²⁰Salomo het al die nie-Israeliete, die mense wat nog oor was van die Amoriete, Hetiete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete,
- ²¹afstammelinge van dié wat nie deur die Israeliete uitgeroei is nie en nog oor was in die land, opgeroep om dwangarbeid te doen. Dit is vandag nog so.
- ²²Salomo het nie die Israeliete as arbeiders gebruik nie; hulle was sy soldate, sy lyfwag, sy amptenare, die aanvoerders van sy strydwabemannings, sy strydwamag en sy berede mag.
- ²³Daar was ook nog die volgende getal uitvoerende beamptes oor wie koning Salomo beskik het: vyf honderd en vyftig wat gesag uitgeoefen het oor die werksmense.
- ²⁴Nadat die dogter van die farao oorgetrek het van die Dawidstad af na die huis wat Salomo vir haar gebou het, het hy die terras gebou.
- ²⁵Salomo het drie maal per jaar brandoffers en maaltydoffers gebring op die altaar wat hy vir die Here gebou het, en daarmee saam wierookoffers vir die Here gebrand. So het hy sy verantwoordelikheid in die tempel nagekom.
- ²⁶Koning Salomo het ook skepe gebou in Esjon-Geber by Elat aan die kus van die Rietsee in Edom.
- ²⁷Hiram het vir hom skepe gestuur en ervare seemanne. Hulle het saam met Salomo se manne
- ²⁸na Ofir toe gevaar en daar vir koning Salomo meer as veertien ton goud gaan haal.

1 Konings 10

Die besoek van die koningin van Skeba

(Vgl. 2 Kron. 9:1-12)

- ¹Die koningin van Skeba het gehoor wat van Salomo en die Naam van die Here vertel word en sy het toe self gekom om Salomo met moeilike vrae te toets.
- ²Sy het na Jerusalem toe gekom met 'n baie groot gevolg en ook kamele wat belaaï was met kosbare kruie en 'n groot hoeveelheid goud en edelstene. Toe sy by Salomo kom, het sy met hom oor alles gepraat waaraan sy kon dink,
- ³en Salomo het vir haar 'n antwoord gehad op al haar vrae. Niks was vir die koning onverklaarbaar nie: hy kon haar op alles antwoord.
- ⁴Die koningin van Skeba het onder die indruk gekom van Salomo se wysheid, die tempel wat hy gebou het,
- ⁵die geregte op sy tafel, die manier waarop sy amptenare aangesit het, die bediening deur sy tafelbediendes, hulle monderings, sy skinkers en van die optog wanneer hy na die huis van die Here toe opgegaan het. Haar asem het daarvan weggeslaan.
- ⁶Sy het vir die koning gesê: “Wat ek in my land oor u en u wysheid gehoor het, is waar.
- ⁷Ek het nie geglo wat hulle vir my gesê het nie totdat ek gekom en myself oortuig het. Nou weet ek dat nie eers die helfte vir my vertel is nie. U het alles wat ek oor u wysheid en voortreflikheid gehoor het, ver oortref.
- ⁸Hoe bevoorreg is u mense en hoe bevoorreg is hierdie amptenare van u dat hulle gedurig in u diens staan en u wysheid aanhoor!
- ⁹Geloof sy u God, die Here, wat aan u soveel liefde bewys dat Hy u op die troon van Israel gesit het! Dit is omdat die Here Israel vir altyd liefhet dat Hy u as koning oor hulle aangestel het om die orde en die reg te handhaaf.”
- ¹⁰Sy het vir die koning meer as vier ton goud en 'n groot hoeveelheid kosbare kruie en edelstene gegee. Die kruie wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het, was meer as wat ooit die land ingekom het.
- ¹¹Bowendien het die skepe van Hiram wat die goud uit Ofir gebring het, ook nog 'n groot hoeveelheid jenewerhout en edelstene gebring.

¹²Die koning het die jenewerhout gebruik vir relings by die huis van die Here en by die koninklike paleis, en vir die liere en harpe van die musikante. Daar is tot vandag toe nie sulke jenewerhout gesien nie.

¹³Vir die koningin van Skeba het koning Salomo alles gegee wat sy begeer en gevra het, buiten nog wat hy uit sy eie vir haar gegee het. Sy is toe terug na haar land toe, sy en haar gevolg.

Die rykdom, weelde en mag van Salomo

(Vgl. 2 Kron. 9:13-28)

¹⁴Salomo se jaarlikse inkomste aan goud het sowat drie en twintig ton beloop,

¹⁵behalwe nog wat die reisigers en handelaars en al die konings van Arabië en die Israelitiese goewerneurs ingebring het.

¹⁶Koning Salomo het twee honderd groot skilde van goud gemaak; hy het vir elke skild byna sewe kilogram goud gebruik.

¹⁷Hy het ook nog drie honderd klein skilde van goud gemaak; hier het hy sowat twee kilogram vir elke skild gebruik. Die koning het hulle opgestel in die Libanonsbosgebou.

¹⁸Verder het die koning 'n groot ivoortroon gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.

¹⁹Die troon het ses trappe gehad en die kopstuk agter was rond. Weerskante van die sitplek was daar armleunings, met 'n leeu langs elkeen.

²⁰Twaalf leeus het op die ses trappe gestaan, ses aan elke kant. Daar is in geen ander koninkryk so iets gemaak nie.

²¹Al koning Salomo se drinkgerei was van goud. Alles wat in die Libanonsbosgebou gebruik is, was van fyngoud. Silwer was in Salomo se dae so volop dat dit nie as iets besonders beskou is nie.

²²Die koning het 'n vloot gehad wat saam met dié van Hiram na Tarsis toe gevaar het. Om die drie jaar het die Tarsisvloot teruggekom, vol goud en silwer, ivoor, ape en bobbejane.

²³Koning Salomo het al die konings van die aarde oortref in rykdom en wysheid.

²⁴Die hele wêreld het geprobeer om hom te sien te kry en die wysheid wat God hom gegee het, aan te hoor.

²⁵Elkeen het sy geskenk saamgebring: silwer- en goudware, mantels, wapenrusting, kosbare kruie, perde en muile. So het dit jaar vir jaar gegaan.

²⁶Salomo het 'n mag van strydwaens en ruiters bymekaargebring. Hy het veertien honderd strydwaens en twaalf duisend ruiters gehad. Hy het hulle gestasioneer in die strydwaposte en by die paleis in Jerusalem.

²⁷Silwer het hy in Jerusalem so alledaags soos klippe gemaak en seders soos die wildevyebome in die Laeveld.

²⁸Perde is vir Salomo uit Egipte en Kewé ingevoer. Die handelaars wat deur die koning aangestel is, het hulle daar gaan koop vir die prys waarop ooreengekom is.

²⁹Om 'n wa uit Egipte in te voer, het net minder as sewe kilogram silwer gekos, en 'n perd ongeveer een en 'n driekwart kilogram. Dieselfde pryse is aan die Hetitiese en die Aramese konings betaal. Die invoer het deur bemiddeling van die handelaars geskied.

1 Konings 11

Die vrouens van Salomo

¹Koning Salomo was lief vir baie uitlandse vrouens. Behalwe die dogter van die farao het hy ook vrouens uit die Moabiete, Ammoniete, Edomiete, Sidoniërs en Hetiete gehad.

²Dit was die nasies waarvan die Here vir die Israeliete gesê het: “Julle mag nie met hulle omgaan nie, en julle mag nie toelaat dat hulle met julle omgaan nie, want hulle sal julle net verlei om hulle gode te aanbid.” Salomo het egter juis op hierdie vrouens verlief geraak.

³Hy het sewe honderd vrouens uit vorstelike families gehad, en ook nog drie honderd byvroue. Dit was sy vrouens wat hom verlei het.

⁴Veral in sy ouderdom het Salomo se vrouens hom verlei om ander gode te dien. Toe het hy die Here sy God nie meer met soveel toewyding gedien soos sy pa nie.

⁵Hy het Astarte, die godin van die Sidoniërs, en Milkom, die afskuwelike god van die Ammoniete, gedien.

⁶Salomo het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het nie aan die Here getrou gebly soos Dawid, sy pa, nie.

⁷Salomo het selfs op die berg teenoor Jerusalem 'n hoogte gebou vir die diens van Kemos, die afskuwelike god van Moab, en vir Molek, die afskuwelike god van die Ammoniete.

⁸Dieselfde ding het hy gedoen vir al sy uitlandse vrouens, sodat hulle wierook kon brand en offers kon bring vir hulle gode.

Die aankondiging van die rykskeuring

⁹Die toorn van die Here het teen Salomo ontvlam omdat hy nie meer die Here die God van Israel gedien het nie. Tevore het God twee keer aan hom verskyn

¹⁰en hom uitdruklik beveel dat hy nie ander gode mag dien nie. Salomo het hom egter nie gehou aan die opdrag van die Here nie.

¹¹Daarom het die Here nou vir hom gesê: “Omdat dit so is dat jy jou nie hou aan my verbond en aan die voorskrifte wat Ek jou gegee het nie, sal Ek die koningskap van jou afskeur en vir 'n onderdaan van jou gee.

¹²Ter wille van jou vader Dawid sal Ek dit wel nie tydens jou lewe doen nie, maar Ek gaan dit tydens jou seun se lewe doen.

¹³Ek sal ook nie die hele koninkryk wegneem nie, maar ter wille van my dienaar Dawid en ter wille van Jerusalem wat Ek uitverkies het, gaan Ek een stam vir jou seun laat oorbly.”

¹⁴Die Here het iemand beskik wat teen Salomo in opstand gekom het. Hy was Hadad die Edomiet uit die koninklike familie van Edom.

- ¹⁵Toe Dawid vroeër teen Edom geveg het, het Joab, die hoof van die leër, die gesneuweldes gaan begrawe nadat hy al die mans in Edom doodgemaak het.
- ¹⁶Dit het Joab en die hele Israel ses maande gekos om al die mans in Edom om die lewe te bring.
- ¹⁷Hadad en 'n aantal Edomitiese mans, almal uit die hofhouding van sy pa, het egter in die rigting van Egipte gevlug. Hadad was toe nog 'n jong seun.
- ¹⁸Hulle het deur Midian getrek tot in Paran. Van daar af het hulle 'n aantal mans met hulle saamgevat en verder getrek tot hulle in Egipte by die farao, die koning van Egipte, aangekom het. Dié het vir Hadad 'n huis gegee, hom van voedsel voorsien en aan hom 'n stuk grond toegeken.
- ¹⁹Die farao het so baie van Hadad gehou dat hy hom laat trou het met sy skoonsuster, die suster van koningin Tagpenes.
- ²⁰Sy het vir Hadad 'n seun in die wêreld gebring met die naam Genubat. Tagpenes het die seun in die farao se paleis versorg, waar hy saam met die farao se kinders grootgeword het.
- ²¹Toe Hadad in Egipte verneem dat Dawid te sterwe gekom het en dat Joab, die hoof van die leër, ook dood was, het hy vir die farao gesê: “Laat my toe om na my land toe terug te gaan.”
- ²²Die farao sê toe vir hom: “Kom jy iets kort hier by my dat jy nou skielik na jou land toe wil teruggaan?” “Nee,” sê hy, “maar laat my asseblief maar gaan.”
- ²³God het nog iemand teen Salomo in opstand laat kom: Reson seun van Eljada, 'n onderdaan van koning Hadad-Eser van Soba wat vir die koning gevlug het.
- ²⁴Reson het 'n groep mans om hom versamel, en hy was die leier van die bende. In die tyd toe Dawid die Arameërs uitgeroei het, het hulle na Damaskus toe gevlug. Hulle het in Damaskus gaan woon en Reson daar tot koning uitgeroep.
- ²⁵Hy was vyandig teen Israel solank Salomo geleef het. Dit was nog behalwe die kwaad wat Hadad gedoen het. Reson was koning van Aram en hy het Israel verafsku.

²⁶Daar was ook Jerobeam seun van Nebat, 'n Efratiet uit Sereda. Sy ma was Serua, 'n weduwee. Hy was 'n onderdaan van Salomo wat teen die koning in opstand gekom het.

²⁷Dit het so gebeur: Salomo was besig om die terras te bou waarmee hy die opening in die muur van die Dawidstad toegemaak het.

²⁸Jerobeam was 'n gesiene landsburger, en toe Salomo sien dat hy bekwaam is, het hy die toesig oor die dwangarbeid van die Josefstam aan hom opgedra.

²⁹Dit was in hierdie tyd dat Agija, 'n profeet uit Silo, vir Jerobeam op die pad buite Jerusalem teëgekom het. Agija het 'n nuwe mantel aangehad, en terwyl net hulle twee daar in die veld was,

³⁰vat Agija die nuwe mantel wat hy aangehad het, skeur dit in twaalf stukke

³¹en sê vir Jerobeam: “Vat vir jou tien stukke, want so sê die Here die God van Israel: So gaan Ek die koningskap afskeur van Salomo af. Ek gaan vir jou tien stamme gee;

³²die orige stam sal syne bly ter wille van my dienaar Dawid, en ter wille van Jerusalem, die stad wat Ek tussen al die stamme van Israel uitgekies het.

³³Maar Salomo het My verlaat en Astarte die godin van die Sidoniërs, Kemos die god van Moab, en Milkom die god van die Ammoniete, aanbid. Hy het nie meer geleef volgens my wil en gedoen wat reg is in my oë nie of my voorskrifte en bepalings nagekom soos sy vader Dawid gedoen het nie.

³⁴Ek sal nogtans nie die hele koningskap van hom wegvat nie. Ek sal hom sy lewe lank koning laat bly ter wille van my dienaar Dawid wat Ek uitverkies het en wat hom aan my gebooie en voorskrifte gehou het,

³⁵maar Ek gaan die koningskap van sy seun af wegvat. Ek gaan tien stamme vir jou gee

³⁶en vir sy seun gaan Ek net een gee, sodat die troon van my dienaar Dawid bestendig sal wees in Jerusalem, die stad wat Ek verkies het om my Naam daar te vestig.

³⁷“Ek gaan jou as koning aanstel, soos dit jou hartsbegeerte is. Jy sal oor Israel regeer.

³⁸As jy gehoor gee aan alles wat Ek jou sal beveel, as jy jou lewe inrig volgens my wil, as jy doen wat reg is in my oë deurdat jy jou hou aan my voorskrifte en gebooie, soos my dienaar Dawid gedoen het, sal Ek by jou wees. Soos Ek Dawid se nageslag in stand hou, sal Ek joune ook in stand hou. Ek sal Israel aan jou gee

³⁹en ter wille daarvan sal Ek die nageslag van Dawid verneder, maar nie vir altyd nie! ”

⁴⁰Hierna wou Salomo vir Jerobeam om die lewe bring. Jerobeam het egter na Egipte toe gevlug waar hy onder beskerming van koning Sisak van Egipte gebly het tot Salomo se dood.

Die dood van Salomo

(Vgl. 2 Kron. 9:29-31)

⁴¹Die ander verhale oor Salomo en alles wat hy gedoen het, en oor sy wysheid is opgeteken in die annale van Salomo.

⁴²Salomo was veertig jaar koning in Jerusalem oor die hele Israel.

⁴³Hy is oorlede, en hy is begrawe by sy pa in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg.

1 Konings 12

Die skeuring van die ryk

(Vgl. 2 Kron. 10:1-19)

¹Rehabeam het na Sigem toe gegaan omdat die hele Israel daarheen gekom het om hom tot koning te kroon.

²Jerobeam seun van Nebat het die berig gekry toe hy nog in Egipte was waarheen hy vir koning Salomo gevlug het. Hy het daar gewoon,

³maar hulle het boodskappers gestuur en hom laat roep. Hy en die hele Israel kom toe na Rehabeam toe en sê vir hom:

⁴“U vader het ons 'n swaar juk laat dra. As u nou die verpligtinge wat u vader ons opgelê het, minder maak en so die juk ligter maak wat hy ons laat dra het, sal ons u onderdane bly.”

⁵Rehabeam het vir hulle gesê: “Kom oor drie dae na my toe terug.” Nadat die volk vertrek het,

⁶het koning Rehabeam die raad gevra van die ouer mense wat in diens van Salomo, sy pa, was tydens dié se lewe. “Wat meen julle moet ek hierdie mense antwoord? ” het hy gevra.

⁷Hulle het vir hom gesê: “As u dit goed bedoel met hierdie volk en hulle tevrede stel en hulle 'n gunstige antwoord gee, sal hulle altyd u onderdane bly.”

⁸Maar hy het die raad wat die ouer mense hom gegee het, in die wind geslaan en die raad gevra van die jonger manne wat saam met hom grootgeword het en in sy diens was:

⁹“Wat meen julle moet ons hierdie mense antwoord? Hulle het gevra ek moet die juk wat my pa op hulle gelê het, ligter maak.”

¹⁰Die jongmanne wat saam met hom grootgeword het, het vir hom gesê: “U moet die volk soos volg antwoord. Hulle het vir u gesê: ‘U vader het ons 'n swaar juk laat dra, maak u vir ons die juk ligter.’ U moet vir hulle sê: “My pinkie is dikker as my pa se middellyf.

¹¹My pa het 'n swaar juk op julle laat druk, ek gaan die juk nog swaarder maak. My pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels slaan.”

¹²Toe Jerobeam en die hele volk die derde dag by koning Rehabeam kom volgens sy opdrag “Kom oor drie dae na my toe terug”

¹³het hy die volk dié harde antwoord gegee. Koning Rehabeam het die raad van die ouer mense in die wind geslaan

¹⁴en die volk geantwoord volgens die raad van die jonger manne: “My pa het 'n swaar juk op julle gelê, ek gaan die juk nog swaarder maak; my pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels slaan.”

¹⁵Die koning het nie aan die versoek van die volk voldoen nie. Dit was 'n beskikking van die Here sodat Hy sy belofte kon hou wat Hy deur Agija van Silo aan Jerobeam seun van Nebat gegee het.

¹⁶Toe die Israeliete hoor dat die koning nie aan hulle versoek voldoen het nie, het hulle vir hom gesê: “Dawid is nie deel van ons nie; ons het niks aan Isai se seun nie! Elkeen terug na sy woonplek toe, Israel! Kyk nou maar na jou eie huis, Dawid! ” Israel is toe terug na sy eie woongebied toe.

¹⁷Rehabeam het net koning geword oor die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het.

¹⁸Koning Rehabeam het vir Adoniram wat in bevel van die dwangarbeid was, na Israel toe gestuur, maar die Israeliete het hom met klippe doodgegooi, en koning Rehabeam self het dit net-net reggekry om op sy strydwa te kom en na Jerusalem toe te vlug.

¹⁹So het Israel in opstand gekom teen die koningshuis van Dawid, en dit is vandag nog so.

Rehabeam se poging om die opstand te onderdruk

(Vgl. 2 Kron. 11:1-4)

²⁰Toe die Israeliete verneem dat Jerobeam teruggekom het uit Egipte, het hulle hom na 'n volksvergadering toe laat kom en hom koning gemaak oor die hele Israel. Niemand behalwe die Judastam het die koningshuis van Dawid aangehang nie.

²¹Dadelik nadat Rehabeam in Jerusalem terug was, het hy honderd en tagtig duisend uitgesoekte manne uit die stamme Juda en Benjamin opgeroep om teen Israel te veg en die koningskap vir hom terug te wen.

²²Maar die woord van God het tot Semaja, die man van God, gekom en gesê:

²³“Sê vir koning Rehabeam van Juda, seun van Salomo, en vir die hele Juda en Benjamin, en vir die res van die volk:

²⁴So sê die Here: Moenie optrek en teen die Israeliete, julle broers, veg nie. Gaan terug elkeen na sy huis toe, want wat gebeur het, kom van My af! ” Hulle

het geluister na die woorde van die Here en teruggegaan huis toe soos Hy beveel het.

Jerobeam maak kalwerbeelde

²⁵Jerobeam het Sigem in die Efraimsberge herbou en daar gaan woon. Later het hy daar weggetrek en Pniël herbou.

²⁶Jerobeam het by homself gedink: netnou gaan die koningskap terug na die huis van Dawid;

²⁷as hierdie volk na Jerusalem toe gaan om daar by die tempel van die Here te gaan offer, sal hulle weer hulle koning Rehabeam, koning van Juda, aanhang; hulle sal my doodmaak en weer agter koning Rehabeam aangaan.

²⁸Koning Jerobeam het toe met sy raadgewers oorleg gepleeg en twee goue kalwerbeelde laat maak. Toe sê hy: “Julle het lank genoeg Jerusalem toe gegaan, Israel; hier is nou die beelde van julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het.”

²⁹Jerobeam het die een beeld in Bet-El opgestel en die ander in Dan.

³⁰Dit het die volk tot sonde verlei: hulle het selfs die een beeld na Dan toe begelei.

³¹Jerobeam het heiligdomme op die hoogtes gebou en hy het mense uit die volk wat nie Leviëte was nie, as priesters aangestel.

³²Verder het hy op die vyftiende dag van die agste maand 'n fees gehou net soos die fees in Juda. Hy het in Bet-El vir die kalwerbeelde wat hy gemaak het, offers gebring op die altaar, en hy het daar priesters aangestel vir die hoogtes wat hy ingerig het.

Jerobeam se afgodsdienste word veroordeel

³³Op die vyftiende van die agste maand het Jerobeam 'n offer gebring op die altaar wat hy in Bet-El opgerig het. Hy het sommer self besluit oor die maand waarin die Israeliete die fees moes vier. Net toe hy daar op die altaar die offer aan die brand steek,

1 Konings 13

¹kom daar 'n man van God uit Juda aan wat op bevel van die Here na Bet-El toe gekom het. Jerobeam het nog by die altaar gestaan om die offer aan te steek,

²toe die man van God op bevel van die Here teen die altaar uitroep: “Altaar, altaar, so sê die Here: Daar sal uit die nageslag van Dawid 'n seun gebore word met die naam Josia, en hier op jou sal hy die priesters van die hoogtes slag wat op jou offers bring, en hier op jou sal mensbene verbrand word! ”

³Terselfdertyd het hy 'n wonderteken aangekondig: “Dit is die teken wat die Here gee: hierdie altaar sal uitmekaar ruk sodat die as wat daarop is, op die grond val.”

⁴Toe koning Jerobeam hoor wat die man van God uitroep teen die altaar van Bet-El, het hy daar van die altaar af sy hand uitgesteek en gesê: “Gryp hom! ” Maar die hand wat hy uitgesteek het, het styf geword, en hy kon hom nie weer terugtrek nie.

⁵Die altaar het uitmekaar geruk, en die as het afgeval. Dit was die wonderteken wat die man van God aangekondig het op bevel van die Here.

⁶Toe sê die koning vir die man van God: “Bid tog tot die Here jou God om genade vir my sodat my hand weer kan reg word.” Nadat die man van God tot die Here gebid het om genade, het die hand van die koning herstel net soos dit tevore was.

⁷Daarop sê die koning vir die man van God: “Kom saam met my huis toe en kom eet iets sodat ek jou kan beloon.”

⁸Maar die man van God antwoord: “Al sou u my die helfte van u koninkryk aanbied, kan ek nie saam met u gaan nie. Ek kan in hierdie plek niks eet of selfs water drink nie,

⁹want dit was die Here se bevel aan my: Jy mag daar niks eet nie en jy mag daar nie water drink nie; en jy mag nie met dieselfde pad terugkom as dié waarmee jy gegaan het nie! ”

¹⁰Hy het 'n ander pad gevat en nie met dieselfde pad teruggegaan as dié waarmee hy na Bet-El toe gekom het nie.

¹¹In Bet-El het daar 'n óú profeet gewoon. Sy seuns het hom kom vertel wat die man van God alles dié dag in Bet-El gedoen het. Ook wat hy vir die koning gesê het, het hulle vir hulle pa kom oorvertel.

¹²Hy vra hulle toe: “Met watter pad het hy teruggegaan? ” want hulle het gesien watter pad die man van God wat van Juda af gekom het, gevat het.

¹³Hy sê toe vir sy seuns: “Saal vir my 'n donkie op.” Nadat hulle dit gedoen het, is hy met die donkie daar weg

¹⁴agter die man van God aan. Toe die óú profeet die man van God kry waar hy onder 'n groot boom sit, sê hy vir hom: “Is jy die man van God wat van Juda af kom? ” “Ja,” antwoord hy.

¹⁵Die óú profeet sê toe vir hom: “Kom tog saam met my huis toe en kom eet iets.”

¹⁶Maar hy antwoord: “Ek kan nie saam met jou teruggaan en in jou huis ingaan nie. Ek mag by jou in hierdie plek niks eet en geen water drink nie,

¹⁷want die woord van die Here aan my was uitdruklik: Jy mag daar geen kos eet en geen water drink nie, en jy mag nie terugkom met dieselfde pad as dié waarmee jy gegaan het nie.”

¹⁸Die óú profeet sê toe vir hom: “Ek is ook 'n profeet net soos jy, en 'n engel het op bevel van die Here vir my gesê: Bring hom terug na jou huis toe en laat hy iets eet en sy dors les! ” Maar die óú profeet het vir hom gelieg.

¹⁹Toe gaan hy saam met die óú profeet terug huis toe en daar het die man van God iets geëet en water gedrink.

²⁰Terwyl hulle nog aan tafel sit, het die woord van die Here gekom tot die profeet op wie se versoek die man van God omgedraai het.

²¹Die profeet het vir die man van God wat van Juda af gekom het, gesê: “So sê die Here: Omdat jy jou teen die Here verset het en nie die bevel van die Here jou God gehoorsaam het nie,

²²maar teruggekom het en geëet en water gedrink het in dié plek waar die Here jou verbied het om te eet en water te drink, daarom sal jou liggaam nie in jou familiegraf begrawe word nie.”

²³Nadat die man van God klaar geëet en gedrink het, het die profeet die man van God wat hy laat omdraai het, se donkie opgesaal.

²⁴Die man van God het vertrek en onderweg het 'n leeu op hom afgekom en hom doodgemaak. Sy liggaam het daar in die pad gelê, die donkie het daar langsaan gestaan, en die leeu het langs die liggaam bly staan.

²⁵Mense wat daarlangs gekom het, het die liggaam daar in die pad sien lê en die leeu wat langs die liggaam staan, en hulle het dit kom vertel in die stad waar die óú profeet gewoon het.

²⁶Toe die óú profeet wat hom van sy pad af teruggebring het, dit hoor, sê hy: “Dit is die man van God wat die opdrag van die Here verontagsaam het. Nou het die Here beskik dat 'n leeu hom verskeur en doodmaak, soos Hy oor hom laat sê het.”

²⁷Die profeet sê toe vir sy seuns: “Saal vir my 'n donkie op.” Nadat hulle dit gedoen het,

²⁸gaan hy en kry die liggaam daar in die pad, terwyl die donkie en die leeu daarby staan. Die leeu het nie die liggaam gevreet nie en hy het nie die donkie verskeur nie.

²⁹Die profeet het die liggaam van die man van God op die donkie getel en dit na Bet-El die stad van die óú profeet toe gebring om daar oor hom te treur en hom te begrawe.

³⁰Hy het die liggaam in sy eie graf begrawe, en hulle het oor hom getreur en gesê: “Ag, my broer.”

³¹Na die begrafnis het hy vir sy seuns gesê: “As ek te sterwe kom, moet julle my begrawe in dieselfde graf as dié waarin die man van God begrawe is. Sit my bene langs syne neer.

³²“Wat hy op bevel van die Here oor die altaar in Bet-El en oor al die heiligdomme op die hoogtes by die stede van Samaria gesê het, sal beslis net so gebeur.”

³³Jerobeam het hom hierna tog nie bekeer van sy verkeerde pad nie. Hy het aangehou om sommer uit die volk priesters vir die hoogtes aan te stel. Almal wat wou, het hy aangestel as priesters vir die hoogtes.

³⁴Dit was die sonde van die huis van Jerobeam en dit sou daartoe lei dat sy koningshuis vernietig en van die aarde af verdelg sou word.

1 Konings 14

Die oordeel oor Jerobeam en sy huis

¹In dié tyd het Abia, 'n seun van Jerobeam, siek geword.

²Jerobeam sê toe vir sy vrou: “Gaan vermom jou sodat die mense jou nie herken as Jerobeam se vrou nie. Gaan dan na Silo toe waar die profeet Agija is. Dit is hy wat gesê het dat ek koning sal word oor hierdie volk.

³Vat tien brode en koeke en 'n kruik heuning saam en gaan na hom toe. Hy sal vir jou sê wat met die kind gaan gebeur.”

⁴Jerobeam se vrou het so gemaak. Sy het na Silo toe gegaan en by Agija se huis aangekom. Agija kon nie meer sien nie, hy was al blind van ouderdom.

⁵Maar die Here het vir hom gesê: “Jerobeam se vrou kom jou raadpleeg oor haar seun wat siek is. Sê vir haar wat Ek vir jou sê.” Toe sy inkom, wou sy nog maak asof sy iemand anders is,

⁶maar net toe Agija haar voetstappe hoor terwyl sy by die deur inkom, sê hy: “Kom binne, jy is die vrou van Jerobeam! Waarom maak jy asof jy iemand anders is? Ek het slegte nuus vir jou.

⁷Gaan sê vir Jerobeam: ‘So sê die Here die God van Israel: Ek het jou 'n vername man gemaak onder die mense en jou as heerser aangestel oor my volk Israel.

⁸Toe Ek die koningskap afgeskeur het van die huis van Dawid af, het Ek dit aan jou gegee. Maar jy was nie soos my dienaar Dawid wat hom aan my opdragte gehou het en wat sy hele lewe aan My toegewy het deur net te doen wat reg is in my oë nie.

⁹Jy het slegter opgetree as almal voor jou. Jy het vir jou ander gode gemaak, afgodsbeelde, om My uit te tart, en jy het jou rug vir My gedraai.

¹⁰Om dié rede bring Ek ellende oor die huis van Jerobeam. Ek sal al wat manlik is uit die nageslag van Jerobeam, wie ook al, uit Israel uitroei. Ek gaan heeltemal ontslae raak van die huis van Jerobeam, soos 'n mens van vuilgoed ontslae raak.

¹¹Die een van Jerobeam wat in die stad omkom, die honde sal hom opvreet; en die een wat in die veld omkom, die roofvoëls sal hom vreet. Dit sal gebeur omdat die Here dit gesê het.’

¹²“Gaan jy nou maar huis toe. Sodra jy in die stad inkom, sal die kind sterf.

¹³Die hele Israel sal oor hom rou en hom begrawe. Hy sal ook die enigste van die familie van Jerobeam wees wat in 'n graf kom, want in die huis van Jerobeam het die Here die God van Israel net in hom iets goeds gevind.

¹⁴“Die Here sal self 'n koning oor Israel aanstel wat die geslag van Jerobeam dadelik, sonder versuim, sal uitroei.

¹⁵So sal die Here Israel tref soos vloedwater riet tref. Die Here sal Israel uitdryf uit hierdie goeie land wat Hy aan hulle voorvaders gegee het, en Hy sal hulle anderkant die Eufraat verstrooi omdat hulle gewyde pale gemaak het en die Here daarmee uitgetart het.

¹⁶Hy sal hulle prysgee oor die sonde wat Jerobeam gedoen het en wat hy Israel laat doen het.”

¹⁷Toe het Jerobeam se vrou teruggegaan Tirsa toe. Net toe sy oor die drumpel van die paleis stap, het die kind gesterf.

¹⁸Hulle het hom begrawe, en die hele Israel het oor hom gerou. Dit was in ooreenstemming met wat die Here gesê het deur sy dienaar die profeet Agija.

¹⁹Die ander verhale oor Jerobeam, oor sy oorloë en sy regering, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

²⁰Die duur van Jerobeam se koningskap was twee en twintig jaar. Hy is oorlede, en sy seun Nadab het hom as koning opgevolg.

Beoordeling van Rehabeam se koningskap

(Vgl. 2 Kron. 12:13-14)

²¹Rehabeam seun van Salomo was intussen koning van Juda. Rehabeam was een en veertig toe hy koning geword het en hy was sewentien jaar koning in Jerusalem, die stad wat deur die Here onder al die Israelitiese stamme gekies is om sy Naam daar te vestig. Rehabeam se ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou.

²²Juda het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, en deur die sondes wat hulle gedoen het, het hulle die Here meer uitgetart as wat hulle voorvaders gedoen het.

²³Hulle het vir hulle hoogtes gebou en klippilare en gewyde pale opgerig op elke hoë heuwel en onder elke groen boom.

²⁴Daar was selfs manlike tempelprostitute in die land. Die hele Juda het dieselfde afskuwelike sondes gedoen as die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak.

'n Egiptiese inval in Juda

(Vgl. 2 Kron. 12:1-11)

²⁵In die vyfde jaar van Rehabeam se regering het koning Sisak van Egipte teen Jerusalem opgetrek.

²⁶Hy het beslag gelê op die skatte in die huis van die Here en die paleis. Hy het alles gevat, ook die goue skilde wat Salomo laat maak het.

²⁷Koning Rehabeam het toe bronskilde in die ander se plek laat maak en dié oorhandig aan die offisiere van die wag wat by die ingang van die paleis diens gedoen het.

²⁸Elke keer wanneer die koning na die huis van die Here toe gegaan het, het die wag die skilde gedra, en daarna het hulle die skilde teruggebring na die wagte se kamer toe.

Die dood van Rehabeam

(Vgl. 2 Kron. 12:15-16)

²⁹Die ander verhare oor Rehabeam en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

³⁰Daar was deurentyd oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam.

³¹Rehabeam is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou. Sy seun Abia het hom as koning opgevolg.

1 Konings 15

Abia koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 13:1-20)

¹In die agtiende regeringsjaar van Jerobeam seun van Nebat het Abia koning oor Juda geword,

²en hy het drie jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Maäka, 'n dogter van Abisalom.

³Abia het dieselfde sondes as sy pa gedoen, en hy was nie so getrou aan die Here as sy voorvader Dawid nie.

⁴Dit is ter wille van Dawid dat die Here sy God aan hom 'n nakomeling gegee het om in Jerusalem te regeer en die stad in stand te hou.

⁵Dit was omdat Dawid gedoen het wat reg is in die oë van die Here, en sy lewe lank nooit die opdragte van die Here verontagsaam het nie, behalwe in die geval van Urija die Hetiet.

⁶Gedurende Rehabeam se hele regering was daar oorlog tussen hom en Jerobeam.

⁷Die ander verhale oor Abia en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda. Daar was ook oorlog tussen Abia en Jerobeam.

⁸Abia is oorlede, en hy is begrawe in die Dawidstad. Sy seun Asa het hom as koning opgevolg.

Die godsdienstige maatreëls van Asa

(Vgl. 2 Kron. 14:2-7; 15:16-18)

⁹In die twintigste regeringsjaar van koning Jerobeam van Israel het Asa koning geword van Juda.

¹⁰Hy het een en veertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ouma was Maäka, 'n dogter van Abisalom.

¹¹Asa het gedoen wat reg is in die oë van die Here, soos sy voorvader Dawid.

¹²Hy het die tempelprostitute uit die land verban en hy het al die afgodsbeelde verwoes wat sy voorgangers gemaak het.

¹³Hy het ook sy ouma Maäka as koninginmoeder afgesit omdat sy 'n Asjerabeeld, 'n walglike ding, laat maak het. Asa het die ding stukkend gekap en dit in die Kedrondal gaan verbrand.

¹⁴Die hoogtes het wel nie heeltemal verdwyn nie, maar Asa was sy lewe lank getrou aan die Here.

¹⁵Hy het die wydingsgeskenke van sy pa, en ook sy eie, in die huis van die Here gebring: silwer, goud en offergereedskap.

Asa sluit 'n verdrag met die Arameërs

(Vgl. 2 Kron. 16:1-6)

¹⁶Daar was deurentyd oorlog tussen Asa en koning Baesa van Israel.

¹⁷Tydens 'n veldtog teen Juda het Baesa die stad Rama in 'n vesting begin omskep om te verhoed dat mense die gebied van koning Asa van Juda kon binnekom of verlaat.

¹⁸Asa het toe al die silwer en goud gevat wat nog oor was in die skatkamers van die huis van die Here en die paleis, en koning Asa het dit met boodskappers vir Ben-Hadad gestuur. Ben-Hadad seun van Tabrimmon, seun van Gesjon, was koning van Aram in Damaskus. Asa het die volgende boodskap saamgestuur:

¹⁹“Daar is 'n verdrag tussen u en my en daar was al een tussen ons ouers. Ek stuur vir u 'n geskenk van silwer en goud. Breek u verdrag met koning Baesa van Israel dat hy uit my land kan terugtrek.”

²⁰Ben-Hadad het gehoor gegee aan koning Asa se versoek. Hy het sy leëraanvoerders gestuur om die stede van Israel aan te val, en hy het Ijon, Dan, Abel-Bet-Maäka en die hele Gennesaret saam met die hele gebied van Naftali verower.

²¹Toe Baesa dit hoor, het hy die bouwerk by Rama gestaak en in Tirsa gaan woon.

²²Koning Asa het al die Judeërs opgeroep, hy het niemand verskoon nie, en hulle het die klip en hout wat Baesa vir die bouwerk in Rama gebruik het, weggedra. Die koning het dit gebruik vir bouwerk by Geba in Benjamin en by Mispa.

²³Al die ander verhale oor Asa, oor sy dapper dade en oor alles wat hy gedoen het, en oor die stede wat hy laat bou het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda. Net dít kom nog by: in sy ouderdom het hy 'n kwaal aan sy voete opgedoen.

²⁴Asa is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Josafat het hom as koning opgevolg.

Nadab regeer as koning oor Israel

²⁵In die tweede regeringsjaar van koning Asa van Juda het Nadab seun van Jerobeam koning geword oor Israel. Hy het twee jaar oor Israel geregeer.

²⁶Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het die pad van sy pa geloop en dieselfde sonde gedoen as dié waarmee sy pa vir Israel laat sondig het.

²⁷Baesa seun van Agija uit die nageslag van Issaskar het 'n sameswering teen hom gesmee. Terwyl Nadab en die hele Israel die Filistynse stad Gibbeton beleër het, het Baesa hom daar om die lewe gebring.

²⁸Baesa het hom vermoor in die derde regeringsjaar van koning Asa van Juda en het hom as koning opgevolg.

²⁹Dadelik nadat Baesa koning geword het, het hy die hele familie van Jerobeam uitgeroei. Hy het nie een lewend laat oorbly nie, maar hulle almal omgebring. Dit was in ooreenstemming met wat die Here deur sy dienaar Agija van Silo gesê het.

³⁰Dit was die gevolg van die sondes wat Jerobeam gedoen het en wat hy Israel laat doen het. Daardeur het hy die Here die God van Israel uitgetart.

³¹Die ander verhale oor Nadab en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

³²Daar was deurentyd oorlog tussen Asa en koning Baesa van Israel.

Die regering van Baesa

³³Baesa seun van Agija het koning geword oor die hele Israel in die derde regeringsjaar van koning Asa van Juda en vier en twintig jaar in Tirsa geregeer.

³⁴Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het die pad van Jerobeam geloop en dieselfde sonde gedoen as dié waarmee Jerobeam vir Israel laat sondig het.

1 Konings 16

¹Die woord van die Here teen Baesa het tot Jehu seun van Ganani gekom en gesê:

²“Ek het jou uit die stof uit opgetel en jou as heerser oor my volk Israel aangestel, maar jy het die pad van Jerobeam geloop: jy het my volk Israel laat sondig sodat hulle My met hulle sondes uitgetart het.

³Daarom gaan Ek ontslae raak van jou en jou familie. Ek gaan met jǒú hele huis maak soos met die huis van Jerobeam seun van Nebat.

⁴Die een van jou familie wat in die stad omkom, die honde sal hom opvreet; en dié een wat in die veld omkom, die roofvoëls sal hom vreet.”

⁵Die ander verhale oor Baesa en wat hy gedoen het, ook sy dapperheid, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

⁶Baesa is oorlede, en hy is begrawe in Tirsa. Sy seun Ela het hom as koning opgevolg.

⁷Die profeet Jehu seun van Ganani moes die oordeel van die Here aankondig oor Baesa en sy nageslag, nie net omdat wat hy gedoen het, verkeerd was in die oë van die Here en hy die Here uitgetart het soos die geslag van Jerobeam nie, maar ook omdat hy vir Jerobeam vermoor het.

Ela word koning oor Israel

⁸In die ses en twintigste regeringsjaar van koning Asa van Juda het Ela seun van Baesa in Tirsa koning geword oor Israel. Hy het twee jaar geregeer.

⁹Een van sy onderdane, Simri, die aanvoerder van die helfte van die strydswag het 'n sameswering teen hom gesmee. Toe Ela hom aan huis van Arsa, die opsigter van die paleis in Tirsa, dronk gedrink het,

¹⁰het Simri ingekom en hom doodgemaak. Simri het hom vermoor in die sewe en twintigste regeringsjaar van koning Asa van Juda. Simri self het hom as koning opgevolg.

¹¹Dadelik nadat hy die koningskap oorgeneem het, het Simri die hele koningshuis van Baesa uitgeroei, selfs ook sy bloedverwante en raadgevers. Simri het al wat manlik is in Baesa se familie doodgemaak.

¹²Simri het die hele familie van Baesa uitgeroei, soos die Here gesê het deur die profeet Jehu.

¹³Dit was die gevolg van die sonde wat Baesa en sy seun Ela gedoen het en wat hulle Israel laat doen het. Hulle het die Here die God van Israel uitgetart met hulle afgodsbeelde.

¹⁴Die ander verhale oor Ela en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

Omri kom in opstand teen Simri

¹⁵Tydens die sewe en twintigste regeringsjaar van koning Asa van Juda was Simri sewe dae koning in Tirsa. Die volk was toe net besig om die Filistynse stad Gibbeton te beleër.

¹⁶Toe die volk wat besig was met die beleg, die berig kry dat Simri 'n sameswering gesmee en die koning om die lewe gebring het, het die hele Israel nog dieselfde dag daar in die laer vir Omri, die hoof van die leër, tot koning uitgeroep.

¹⁷Omri en die hele Israel het toe van Gibbeton af opgetrek en Tirsa gaan beleër.

¹⁸Toe Simri bemerk dat die stad ingeneem word, het hy na die verskanste deel van die paleis toe gevlug en die paleis op hom afgebrand. So is hy dood.

¹⁹Dit was alles die gevolg van die sondes wat hy gedoen het. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het die pad van Jerobeam geloop en dieselfde sonde gedoen as dié waarmee Jerobeam Israel laat sondig het.

²⁰Die ander verhale oor Simri en oor die sameswering wat hy gesmee het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

²¹Die volk het egter nou verdeeld geraak. Een helfte wou vir Tibni seun van Ginat koning maak, en die ander helfte vir Omri.

²²Omri se aanhang het gaandeweg sterker geword as Tibni s'n, en toe Tibni te sterwe kom, het Omri koning geword.

Die regering van Omri

²³In die een en dertigste regeringsjaar van koning Asa van Juda het Omri koning geword van Israel. Hy het twaalf jaar geregeer, ses daarvan uit Tirsa.

²⁴Toe het hy Samariaberg van Semer gekoop vir ag en sestig kilogram silwer en bo-op die berg gebou. Hy het die stad wat hy daar gebou het, Samaria genoem na die naam van Semer, die vorige eienaar van die berg.

²⁵Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy was slegter as al sy voorgangers.

²⁶Hy het die pad van Jerobeam seun van Nebat geloop en dieselfde sonde gedoen as dié waarmee Jerobeam vir Israel laat sondig het, sodat hulle die Here die God van Israel met hulle afgodsbeelde uitgetart het.

²⁷Die ander verhale oor Omri, oor wat hy gedoen het en oor sy dapperheid is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

²⁸Omri is oorlede, en hy is begrawe in Samaria. Sy seun Agab het hom as koning opgevolg.

Agab word koning van Israel

²⁹Agab seun van Omri het koning van Israel geword in die ag en dertigste regeringsjaar van koning Asa van Juda. Agab seun van Omri het Israel twee en twintig jaar uit Samaria geregeer.

³⁰Agab seun van Omri het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, meer as al sy voorgangers.

³¹Dat hy voortgegaan het met die sondes van Jerobeam seun van Nebat was nog die minste; hy het ook met Isebel dogter van koning Etbaäl van die Sidoniërs getrou en die god Baäl begin dien en hom aanbid.

³²Hy het 'n altaar vir Baäl opgerig by die Baälstempel wat hy gebou het in Samaria.

³³Agab het ook 'n gewyde paal opgerig en hy het meer gedoen om die Here die God van Israel uit te tart as al die konings van Israel voor hom.

³⁴In daardie tyd het Giël van Bet-El die stad Jerigo opgebou. Toe hy die fundamente daarvan gelê het, het sy oudste seun Abiram gesterf, en toe hy die poortdeure gehang het, het sy jongste, Segub, gesterf. Dit was in ooreenstemming met die vervloeking wat die Here deur Josua seun van Nun uitgespreek het.

1 Konings 17

Elia kondig 'n droogte aan

¹Elia die Tisbiet was 'n bywoner uit Gilead. Hy het vir Agab gesê: “So seker as die Here leef, die God van Israel in wie se diens ek staan, daar sal die volgende paar jaar geen dou of reën val nie, behalwe as ek so sê.”

²Die woord van die Here het tot Elia gekom en gesê:

³“Gaan hiervandaan af ooswaarts en gaan versteek jou in Kritspruit, anderkant die Jordaan.

⁴Jy kan water uit die spruit drink, en Ek het die kraaie beveel om daar vir jou te sorg.”

⁵Hy het gedoen soos die Here aan hom opgedra het. Hy het daar in Kritspruit gaan bly, anderkant die Jordaan.

⁶Die kraaie het vir hom soggens brood en vleis gebring en hulle het vir hom saans brood en vleis gebring, en hy het water uit die spruit gedrink.

⁷Uiteindelik het die spruit opgedroog omdat die land nie reën gekry het nie.

⁸Toe het die woord van die Here weer tot Elia gekom en gesê:

⁹“Gaan na Sarfat toe by Sidon en gaan bly daar. Ek het 'n weduwee daar opdrag gegee om vir jou te sorg.”

¹⁰Hy gaan toe na Sarfat toe, en toe hy by die poort van die stad kom, was daar 'n weduwee net besig om houtjies op te tel. Hy vra haar toe: “Gee my asseblief 'n bekertjie water om te drink.”

¹¹Terwyl sy dit gaan haal, roep hy agter haar aan: “Bring vir my asseblief 'n stukkie brood saam.”

¹²Toe sê sy: “So seker as die Here u God leef, ek het nie meer brood nie, net 'n handvol meel in die kruik en 'n bietjie olie in die erdekan. Ek maak nou maar 'n paar houtjies bymekaar en dan gaan ek vir my en my seuntjie iets klaarmaak om te eet. Daarna moet ons maar doodgaan.”

¹³Elia sê toe vir haar: “Moenie bekommerd wees nie. Gaan maak dit klaar net soos jy gesê het, maar maak eers vir my 'n roosterkoek en bring dit hier, daarna kan jy vir jou en jou seuntjie sorg.

¹⁴So sê die Here die God van Israel: Die meel in die kruik sal nie opraak nie, en die olie in die kan sal nie minder word nie, totdat die Here laat reën het op die land.”

¹⁵Sy gaan maak toe soos Elia gevra het. Van toe af het hulle genoeg gehad om te eet, hy en sy en haar gesin.

¹⁶Die meel in die kruik het nie opgeraak nie, en die olie in die kan het nie minder geword nie, soos die Here deur Elia beloof het.

¹⁷In dié tyd het die vrou, die eienares van die huis, se seuntjie siek geword. Hy het al hoe sieker geword totdat hy die laaste asem uitgeblaas het.

¹⁸Toe sê sy vir Elia: “Kyk wat het u my aangedoen, man van God! Het u na my toe gekom om my sonde aan die lig te bring en my seuntjie daarom te laat doodgaan? ”

¹⁹Hy sê vir haar: “Gee jou kind hier,” en hy tel hom van haar skoot af op. Toe dra hy hom na die bokamer toe waar hy tuis gegaan het en lê hom op die bed neer

²⁰en bid tot die Here: “Here my God, wil U nou oor hierdie weduwee by wie ek bly, 'n ramp bring deur haar kind te laat sterf? ”

²¹Toe gaan lê hy drie maal bo-oor die kind en smeek die Here: “Here my God, laat die lewe tog terugkom in die kind.”

²²Die Here het Elia se gebed verhoor: die lewe het teruggekom, die kind het gelewe.

²³Toe bring Elia die kind van die bokamer af ondertoe en gee hom vir sy ma en sê: “Kyk! Jou seuntjie leef! ”

²⁴Die vrou sê toe vir Elia: “Nou weet ek dat u 'n man van God is, en dat wat die Here deur u sê, die waarheid is.”

1 Konings 18

Elia en die profete van Baäl

¹Na 'n lang tyd, dit was omtrent drie jaar, het die woord van die Here tot Elia gekom en gesê: “Gaan na Agab toe. Moenie langer vir hom wegkruip nie. Ek wil dit weer in die land laat reën.”

²Elia het na Agab toe gegaan. Die swaar hongersnood het nog voortgeduur in Samaria.

³Agab het vir Obadja, die paleisopsigter, na hom toe laat kom. Obadja het die Here pligsgetrou gedien.

⁴Toe Isebel die profete van die Here doodgemaak het, het Obadja honderd geneem en hulle vyftig-vyftig in grotte weggesteek en hulle van kos en water voorsien.

⁵Agab het vir Obadja gesê: “Kom ons trek deur die land, na elke fontein en spruit toe. Dalk kry ons gras om die perde en muile aan die lewe te hou. Dan hoef ons nie van hulle dood te maak nie.”

⁶Hulle het die land tussen hulle verdeel. Agab het alleen in een rigting gegaan, en Obadja alleen in 'n ander rigting.

⁷Terwyl Obadja onderweg was, kom Elia hom meteens tegemoet. Obadja het hom herken en voor hom op sy knieë geval en gesê: “Maar u is mos Elia! ”

⁸Elia sê toe vir hom: “Ja, dit is ek! Gaan sê vir die koning: Elia is hier.”

⁹Maar Obadja sê: “Watter sonde het ek gedoen dat u my aan Agab uitlewer om my dood te maak?”

¹⁰So seker as die Here u God leef, daar is geen nasie of koninkryk waar die koning u nie probeer opspoor het nie. As hulle sê: ‘Elia is nie hier nie,’ het die koning die koninkryk of die nasie met 'n eed laat bevestig dat hulle u nie kon kry nie.

¹¹Nou sê u sommer: ‘Gaan sê vir die koning Elia is hier! ’

¹²As ek nou van u af sou weggaan, en die Gees van die Here neem u weg, sonder dat ek weet waarheen, en ek gaan vertel vir Agab ek het u gesien, maar

hy kan u nie kry nie, dan maak hy my beslis dood. En dit terwyl ek die Here van my jeug af dien.

¹³Het hulle u nie vertel wat ek gedoen het toe Isebel die profete van die Here doodgemaak het nie, dat ek honderd profete van die Here vyftig-vyftig in grotte weggesteek het en hulle van kos en water voorsien het?

¹⁴Nou stuur u my sommer om vir koning Agab te gaan sê Elia is hier. Hy sal my mos doodmaak.”

¹⁵Maar Elia sê vir Obadja: “So seker as die Here leef, die Almagtige in wie se diens ek staan, ek sal sorg dat Agab my vandag nog te sien kry.”

¹⁶Toe gaan Obadja na Agab toe en vertel hom, en Agab het na Elia toe gekom.

¹⁷Net toe Agab hom sien, sê Agab vir hom: “Is dit jy, jy wat die dood oor Israel bring? ”

¹⁸Hy antwoord: “Dis nie ek wat die dood oor Israel bring nie, maar jy en jou familie. Julle het die gebooie van die Here verontagsaam en die Baäls gedien.

¹⁹Roep vir my die hele Israel bymekaar op Karmelberg. Die vier honderd en vyftig profete van Baäl en die vier honderd van Asjera wat van Isebel se tafel af eet, moet ook daar wees.”

²⁰Toe stuur Agab die boodskap aan al die Israeliete; hy het ook die profete op Karmelberg laat bymekaarkom.

²¹Elia het voor die hele volk gaan staan en gesê: “Hoe lank hou julle aan met hink op twee gedagtes? As die Here God is, volg Hóm; maar as dit Baäl is, volg hóm.” Die volk het hom nie 'n woord geantwoord nie.

²²Toe sê Elia vir die volk: “Ek alleen het oorgebly as profeet van die Here, maar daar is vier honderd en vyftig profete van Baäl.

²³Bring nou vir ons twee bulle. Hulle kan vir hulle een bul kies en hom opsny en op die hout uitlê. Maar hulle moet dit nie aan die brand steek nie. Ek sal dieselfde doen met die ander bul. Ek sal hom op die hout uitlê, maar dit ook nie aan die brand steek nie.

²⁴Dan moet julle tot julle god bid, en ek sal tot die Here bid. Hy wat met vuur antwoord, is God.” Die hele volk het geantwoord: “Dis goed so.”

²⁵Toe sê Elia vir die profete van Baäl: “Kies 'n bul en maak julle hom eerste gereed, want julle is die meeste. Bid dan tot julle god. Maar julle mag nie die vuur aansteek nie.”

²⁶Hulle neem toe die bul wat hy hulle laat kies het en maak hom gereed. Hulle bid toe tot Baäl en roep van die môre af tot die middag toe: “Baäl, antwoord ons! ” Daar was nie 'n geluid van hom af nie. Niemand het geantwoord nie, hoe hulle ook al vir Baäl gedans het by die altaar wat hulle gemaak het.

²⁷Teen die middag het Elia hulle begin spot: “Roep harder! Hy is mos 'n god! Miskien is hy diep in gedagte of gou bietjie uit, of op reis, of dalk slaap hy en moet hy eers wakker word! ”

²⁸Toe roep hulle nog harder; en soos altyd kerf hulle hulle stukkend met swaarde en spiese dat die bloed oor hulle loop.

²⁹Tot die namiddag het hulle aangehou te kere gaan, en teen laatmiddag, die tyd vir die aandoffer, was daar nog geen geluid nie. Niemand het geantwoord nie, daar was geen reaksie nie.

³⁰Toe sê Elia vir die hele volk: “Kom staan hier by my,” en hulle het almal by hom gaan staan. Toe het hy die stukkende altaar van die Here weer reggemaak.

³¹Hy het twaalf klippe gevat, net soveel as die stamme van die nageslag van Jakob vir wie die Here gesê het: “Jou naam sal Israel wees.”

³²Met die klippe het hy die altaar van die Here reggemaak en 'n behoorlike sloot daar rondom gegrawe.

³³Toe sit hy die hout reg, sny die bul stukkend en lê dit uit op die hout.

³⁴Toe beveel hy: “Maak vier kruike vol water en gooi dit uit op die brandoffer en op die hout.” Daarna sê hy: “Doen dit weer,” en hulle het dit nog 'n keer gedoen. Toe sê hy: “Doen dit 'n derde keer,” en hulle het weer so gemaak.

³⁵Toe stroom die water oor die hele altaar, en selfs die sloot rondom het vol geword.

³⁶Teen die tyd van die aandoffer het die profeet Elia vorentoe gekom en gebid: “Here, God van Abraham, Isak en Israel, laat dit tog vandag bekend word dat U God is in Israel, en dat ek u dienaar is wat op u bevel al hierdie dinge doen.

³⁷Antwoord my, Here, antwoord my tog dat hierdie volk kan besef dat U, Here, God is, en dat dit U is wat hulle harte weer tot U bekeer.”

³⁸Toe kom daar vuur van die Here af en dit verbrand die offer, die hout, die klippe en die grond. Dit het selfs die water in die sloot opgelek.

³⁹Toe die hele volk dit sien, het hulle op hulle knieë geval en uitgeroep: “Die Here is God! Die Here is God! ”

⁴⁰Hierop sê Elia vir hulle: “Gryp die profete van Baäl! Nie een van hulle mag wegkom nie.” Toe die volk hulle gegryp het, het Elia die profete laat afbring na Kisonspruit toe en daar het hy hulle doodgemaak.

⁴¹Daarna sê Elia vir Agab: “Gaan eet eers, want ek hoor al die gedruis van die reën.”

⁴²Agab het toe gaan eet, maar Elia het na die top van Karmelberg toe opgeklim en terwyl hy daar na die aarde toe buig met sy kop tussen sy knieë,

⁴³sê hy vir sy slaaf: “Gaan kyk in die rigting van die see! ” Hy gaan kyk toe, en kom sê: “Daar is niks.” Elia het vir hom gesê: “Gaan kyk weer.” Dit het sewe keer gebeur.

⁴⁴Na die sewende keer het hy kom sê: “'n Wolkie so groot soos 'n man se hand kom uit die see uit op.” Elia sê toe: “Gaan sê gou vir Agab: Span in en gaan van die berg af, anders sal die reën jou vaskeer.”

⁴⁵Toe hulle nog praat, het die lug donker geword van die onweerswolke; die wind het opgekom en groot reëns het uitgesak. Agab het op sy wa geklim en na Jisreël toe gery.

⁴⁶Die mag van die Here het vir Elia in besit geneem, en hy het sy mantel opgebind en voor Agab se wa uit gehardloop tot waar die pad uitdraai na Jisreël toe.

1 Konings 19

Elia vlug vir Isebel

¹Agab het vir Isebel vertel wat Elia alles gedoen het, ook dat hy al die profete om die lewe gebring het.

²Toe het Isebel 'n boodskapper na Elia toe gestuur om vir hom te sê: “Mag die gode my om die lewe bring as ek nie môre teen hierdie tyd met jou gemaak het soos jy met die profete nie.”

³Elia het bang geword en ter wille van sy lewe gevlug. Toe hy by Berseba in Juda kom, het hy sy slaaf daar agtergelaat.

⁴Hy self het egter 'n dagreis ver die woestyn in gegaan. Daar het hy onder 'n besembos gaan sit en gewens hy gaan dood. Hy het gesê: “Nou is dit genoeg, Here! Neem my lewe, want ek is niks beter as my voorvaders nie.”

⁵Toe gaan hy lê en hy het daar onder die besembos aan die slaap geraak. Toe hy hom weer kom kry, skud 'n engel aan hom en sê: “Word wakker! Eet! ”

⁶Toe hy opkyk, sien hy by sy kop roosterkoek wat op warm klippe gebak is, en 'n kruik water. Hy het geëet en gedrink en weer gaan lê.

⁷Die engel het 'n tweede keer aan hom geskud en gesê: “Word wakker! Eet! Anders sal die pad vir jou te lank word.”

⁸Toe staan hy op en hy eet, en deur die krag van die kos kon hy veertig dae en veertig nagte lank loop tot by Horeb, die berg van God.

⁹Hy het in 'n grot ingegaan en die nag daar deurgebring. Toe het die woord van die Here tot hom gekom en vir hom gesê: “Wat maak jy hier, Elia? ”

¹⁰Hy antwoord toe: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u

altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek alleen het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.”

¹¹Maar die Here sê vir hom: “Kom uit, en gaan staan op die berg voor My, die Here, Ek wil verbygaan.” Skielik was daar 'n baie sterk wind wat die berg stukkend geruk en die rotse gebreek het voor die Here. Maar in die wind was die Here nie. Na die wind was daar 'n aardbewing. Maar in die aardbewing was die Here nie.

¹²Na die aardbewing was daar 'n vuur. Maar in die vuur was die Here nie. En na die vuur was daar 'n fluistering in die windstilte.

¹³Toe Elia dit hoor, het hy sy gesig met sy mantel toegemaak en by die bek van die grot gaan staan. Toe hoor hy 'n stem wat vir hom sê: “Wat maak jy hier, Elia? ”

¹⁴Hy het geantwoord: “Ek het my met hart en siel gewy aan u saak, Here, Almagtige God. Die Israeliete het die verbond met U verbreek. Hulle het u altare afgebreek en u profete doodgemaak. Net ek het oorgebly, en hulle soek my om my ook om die lewe te bring.”

¹⁵Maar die Here sê vir hom: “Draai in jou spore om na die Damaskuswoestyn toe, en as jy daar aangekom het, moet jy vir Gasaël salf tot koning van Aram.

¹⁶Jy moet ook vir Jehu seun van Nimsi salf tot koning van Israel, en vir Elisa seun van Safat uit Abel-Megola moet jy salf tot profeet om jou op te volg.

¹⁷Dan sal dit só wees: wie Gasaël se swaard vryspring, Jehu sal hom doodmaak; wie Jehu se swaard vryspring, Elisa sal hom doodmaak.

¹⁸Maar Ek sal in Israel die sewe duisend laat oorbly wat nie die Baälbeeld aanbid het nie.”

¹⁹Nadat hy daarvandaan af weggegaan het, kry hy vir Elisa seun van Safat besig om te ploeg met twaalf spanne van twee, terwyl hy self by die agterste span geloop het. Toe Elia by hom verbyloop, gooi Elia sy mantel op hom.

²⁰Hy het sy osse net so gelos en agter Elia aangehardloop en gesê: “Laat ek tog net my pa en ma gaan groet. Dan sal ek saam met u gaan.” Elia antwoord hom toe: “Gaan as jy wil. Ek hou jou mos nie terug nie.”

²¹Toe draai Elisa om en gaan slag twee osse, en met die juk het hy die vleis gebraai en vir sy werksmense gegee om te eet. Daarna het hy saam met Elia gegaan en sy volgeling geword.

1 Konings 20

Agab verslaan die Arameërs

¹Koning Ben-Hadad van Aram het sy hele leër laat bymekaarkom. Daar was twee en dertig konings by hom met ruitery en strydwaens. Hy het opgetrek teen Samaria en dit beleër. Tydens die beleg

²het hy boodskappers die stad in gestuur na koning Agab van Israel toe

³en vir hom laat weet: “So sê Ben-Hadad: Jou silwer en goud is myne. Jou mooiste vrouens en kinders is myne.”

⁴Die koning van Israel het geantwoord: “Dit is soos U Majesteit sê: Ek en alles wat myne is, behoort aan u.”

⁵Die boodskappers het toe weer na Agab toe gekom en gesê: “So sê Ben-Hadad: Ek het jou die boodskap gestuur dat jy jou silwer en goud, jou vrouens en kinders vir my moet gee.

⁶Nou ja, ek stuur môre my amptenare na jou toe. Hulle sal jou paleis en die huise van jou onderdane deursoek, en hulle sal beslag lê op alles wat hulle oë begeer en dit vir hulle vat.”

⁷Die koning van Israel roep toe al die leiers van die land bymekaar, en sê: “Kyk nou net! Hierdie man soek moeilikheid. Toe hy my vrouens en kinders en my silwer en goud geëis het, het ek nie geweier nie.”

⁸Al die leiers en die hele volk het gesê: “U moet nie nou gehoor gee nie. U mag nie inwillig nie! ”

⁹Toe sê Agab vir Ben-Hadad se boodskappers: “Sê vir sy majesteit die koning: Alles wat u die eerste keer geëis het, sal ek gee, maar aan hierdie nuwe eis kan ek nie toegee nie.” Die boodskappers het die antwoord vir Ben-Hadad gebring,

¹⁰en hy het terug laat weet: “Mag my gode my om die lewe bring as ek nie soveel manskappe met my saambring dat die stof van Samaria nie genoeg sal wees om hulle hande mee te vul nie.”

¹¹Daarop het die koning van Israel opgemerk: “Die spreekwoord lui: Hy wat hom klaarmaak om te veg, moenie roem soos een wat klaar die oorwinning behaal het nie.”

¹²Toe Ben-Hadad dít hoor, was hy besig om saam met die ander konings in die tente te drink en hy sê vir sy offisiere: “Val aan!” en hulle het klaargemaak vir die aanval op die stad.

¹³'n Profeet het egter by koning Agab van Israel gekom en gesê: “So sê die Here: Sien jy daardie groot menigte? Ek gee hulle vandag in jou mag oor. Dan sal jy besef dat Ek die Here is.”

¹⁴Agab vra toe: “Deur wie gaan die Here dit doen?” en die profeet sê: “So sê die Here: Deur die jong soldate van die distrikshoofde.” Agab vra toe: “Wie moet die geveg aanknoop?” en die profeet antwoord: “U.”

¹⁵Toe ontplooi Agab die distrikshoofde se jong soldate, twee honderd twee en dertig. Agter hulle het hy die leër, al die Israëliete, ontplooi, sewe duisend man.

¹⁶Dit was middag toe hulle uit die stad uitgaan, en Ben-Hadad was aan die drink in die tent, hy en die twee en dertig konings wat hom kom help het.

¹⁷Die jong soldate van die distrikshoofde het aan die voorpunt opgeruk, en daar is vir Ben-Hadad gesê: “Daar kom manskappe uit Samaria uit.”

¹⁸Hy sê toe: “Of hulle vrede seek of oorlog, vang hulle lewendig!”

¹⁹Intussen het die jong soldate van die distrikshoofde uit die stad getrek, en die leër agter hulle aan.

²⁰Elkeen het sy man verslaan. Die Arameërs het op die vlug geslaan, en die Israeliete het hulle agtervolg. Koning Ben-Hadad van Aram het te perd saam met 'n aantal ruiters weggekom.

²¹Die koning van Israel het uit sy stad gekom en die ruitery en die strydswamag verslaan. So het hy vir Aram 'n groot slag toegedien.

²²Die profeet het weer by die koning van Israel gekom en vir hom gesê: “Gaan versterk u leer! Vra raad en dink goed na oor wat u doen, want vroeg volgende jaar val die koning van Aram u weer aan.”

Agab verslaan weer die Arameërs en sluit 'n verdrag met hulle

²³Die raadgewers van die koning van Aram het intussen vir hom gesê: “Hulle gode is berggode en daarom was hulle sterker as ons. Ons moet hulle in die vlakte pak. Dan sal ons sterker wees as hulle.

²⁴U moet só maak: onthef al die konings van hulle verantwoordelikhede en stel goewerneurs in hulle plek aan.

²⁵Bring vir u self 'n leer op die been, net so sterk soos dié een wat verslaan is, met ruitery soos daardie en 'n strydswamag soos daardie. Dan pak ons hulle in die vlakte, en ons sal sterker wees as hulle.” Ben-Hadad het na hulle raad geluister en so gemaak.

²⁶Vroeg die volgende jaar het Ben-Hadad die Aramese leer laat bymekaarkom en na Afek toe opgetrek om teen Israel oorlog te maak.

²⁷Die Israeliete was goed toegerus en het die Arameërs tegemoet getrek. Die Israeliete het teenoor die Arameërs kamp opgeslaan. Hulle was soos twee troppe bokke, en die wêreld was vol Arameërs.

²⁸Die man van God het by die koning van Israel gekom en gesê: “So sê die Here: Omdat die Arameërs gesê het: ‘Die Here is 'n berggod, Hy is nie 'n god van die vlaktes nie,’ gaan Ek hierdie hele groot menigte in jou mag oorgee. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”

²⁹Sewe dae lank het die leërs so teenoor mekaar gelê. Op die sewende dag het die geveg losgebreek, en die Israeliete het honderd duisend voetsoldate van die Arameërs op dié een dag verslaan.

³⁰Die res het die stad Afek in gevlug en die stadsmuur het op hulle omgeval. Hulle was sewe en twintig duisend man. Ben-Hadad het ook die stad in gevlug en daar van kamer tot kamer weggekruip.

³¹Sy soldate sê toe vir hom: “Ons het gehoor die Israelitiese konings is genadig. Kom ons trek rouklere aan en bind toue om ons koppe en gee ons oor aan die koning van Israel. Miskien spaar hy u lewe.”

³²Hulle trek toe rouklere aan en bind toue om hulle koppe en lewer hulleself uit aan die koning van Israel. “Ben-Hadad onderwerp hom aan u,” sê hulle, “en hy vra dat u sy lewe moet spaar.” Toe sê Agab: “Lewe hy nog? Hy is my broer!”

³³Die manne het dit as 'n gunstige teken opgevat en haastig by sy opmerking aangesluit deur te sê: “Ben-Hadad ís u broer.” Agab sê toe: “Gaan haal hom!” Toe Ben-Hadad by hom kom, het Agab hom by hom op die strydwa laat klim.

³⁴Daar het Ben-Hadad vir hom gesê: “Die stede wat my pa van jou pa afgevat het, sal ek teruggee. Jy mag ook vir jou 'n handelsbuurt inrig in Damaskus soos my pa in Samaria gedoen het.” “En ek sal jou laat gaan,” sê koning Agab, “nadat jy 'n verdrag met my gesluit het.” Ben-Hadad het toe 'n verdrag met hom gesluit, en Agab het hom laat gaan.

'n Profeet kondig Agab se vonnis aan

³⁵'n Profeet het in opdrag van die Here vir 'n vriend gesê: “Slaan my tog!” Maar hy het geweier om hom te slaan.

³⁶Toe sê die profeet vir hom: “Jy was ongehoorsaam aan die opdrag van die Here, en daarom sal 'n leeu jou verskeur wanneer jy van my af weggaan.” Toe hy van hom af weggegaan het, het 'n leeu op hom afgekom en hom verskeur.

³⁷Die profeet kry toe iemand anders en sê: “Slaan my tog.” Hy het die profeet geslaan; hy het hom selfs stukkend geslaan.

³⁸Die profeet het die koning by die pad gaan staan en inwag: die profeet was onherkenbaar, hy het 'n verband oor sy oë gehad.

³⁹Toe die koning daarlangs kom, het hy na die koning geroep en gesê: “Ek het oorlog toe gegaan. Daar het iemand 'n man na my toe gebring en gesê: ‘Pas hierdie man op! As hy ontsnap, kom jy in sy plek, of anders moet jy vier en dertig kilogram silwer betaal.’

⁴⁰Maar ek was met ander dinge besig en toe ek kyk, is hy nie meer daar nie! ” Die koning van Israel sê toe vir hom: “Jy het jou eie vonnis gevel.”

⁴¹Die profeet het die verband van sy oë afgeruk sodat die koning van Israel kon sien dat hy 'n profeet is.

⁴²Hy sê toe vir die koning: “So sê die Here: Omdat jy die man wie se lewe Ek geëis het, vry laat weggaan het, sal jou lewe in die plek van sy lewe kom, en jou volk in die plek van sy volk.”

⁴³Toe het die koning van Israel bedruk en kwaad huis toe vertrek en in Samaria aangekom.

1 Konings 21

Nabot en sy wingerd

¹Hierna het die volgende gebeur: Nabot die Jisreëliet het in Jisreël 'n wingerd gehad langs die paleis van koning Agab van Samaria.

²Agab het met Nabot gaan praat en vir hom gesê: “Gee jou wingerd vir my vir 'n kruietuin, want dit lê net langs my huis; dan gee ek jou 'n beter wingerd in die plek daarvan. Of as jy wil, sal ek jou daarvoor betaal.”

³Maar Nabot het vir Agab geantwoord: “Mag die Here my daarvan bewaar dat ek die erfgrond van my voorouers ooit aan u sou afstaan! ”

⁴Hierop het Agab bedruk en kwaad huis toe gegaan omdat Nabot die Jisreëliet vir hom gesê het: “Ek sal nooit die erfgrond van my familie aan u afstaan nie.” Hy het op sy bed gaan lê met sy gesig na die muur toe en hy wou niks eet nie.

⁵Toe kom sy vrou Isebel na hom toe en vra vir hom: “Wat is jy so bedruk dat jy niks wil eet nie? ”

⁶Hy vertel haar toe: “Ek het met Nabot die Jisreëliet gepraat en vir hom gesê: ‘Verkoop jou wingerd aan my, of as jy wil, sal ek jou 'n ander wingerd in die plek daarvan gee.’ Maar hy het gesê: Ek sal nooit my wingerd aan jou afstaan nie.”

⁷Toe sê sy vrou Isebel vir hom: “Jy is mos die een wat oor Israel regeer! Gaan eet nou en moet jou nie bekommer nie. Ék sal die wingerd van Nabot die Jisreëliet vir jou gee.”

⁸Sy skryf toe briewe in die naam van Agab en sit sy seëlafdruk daarop, en sy stuur die briewe aan die leiers en die ampsdraers van Nabot se stad.

⁹Sy het geskryf: “Kondig 'n vasdag aan en laat Nabot heel voor in die vergadering sit.

¹⁰Laat twee gewetelose manne teenoor hom sit en laat hulle teen hom getuig: ‘Jy het 'n vloek uitgespreek teen God en teen die koning.’ Vat hom dan uit en gooi hom met klippe dood.”

¹¹Die leiers en die ampsdraers in Nabot se stad het toe gedoen soos Isebel hulle beveel het in die briewe wat sy aan hulle gestuur het.

¹²Hulle het 'n vasdag aangekondig en vir Nabot heel voor in die vergadering laat sit.

¹³Toe kom sit daar twee gewetelose manne teenoor hom en hulle getuig teen Nabot in die vergadering en sê: “Nabot het 'n vloek uitgespreek teen God en teen die koning.” Daarop vat hulle vir Nabot uit die stad uit en gooi hom met klippe dood.

¹⁴Hierna het hulle vir Isebel laat weet: “Nabot is met klippe doodgegooi.”

¹⁵Toe Isebel hoor Nabot is doodgegooi, sê sy vir Agab: “Gaan vat nou die wingerd van Nabot die Jisreëliet, wat hy nie aan jou wou verkoop nie. Nabot leef nie meer nie, hy is dood.”

¹⁶Toe Agab hoor Nabot is dood, het hy klaargemaak om Nabot die Jisreëliet se wingerd vir hom te vat.

Elia kondig vir Agab aan dat hy sal sterf

¹⁷Die woord van die Here het toe tot Elia die Tisbiet gekom en vir hom gesê:

¹⁸“Maak klaar en gaan ontmoet vir Agab wat in Samaria as koning oor Israel regeer. Hy is nou by die wingerd van Nabot, wat hy gaan vat het.

¹⁹Jy moet vir Agab sê: ‘So sê die Here: Jy het gemoor en nou vat jy ook nog? ’ Sê verder vir hom: So sê die Here: Op dieselfde plek waar die honde die bloed van Nabot opgelek het, sal hulle jou bloed ook oplek. Ja, jounel! ”

²⁰Toe Agab dit hoor, vra hy vir Elia: “Het jy my gekry, my vyand? ” Elia het geantwoord: “Ek het jou gekry. Die Here sê vir jou: ‘Omdat jy jou daaraan oorgegee het om te doen wat verkeerd is in my oë,

²¹gaan Ek 'n ramp oor jou bring en jou vernietig. Ek gaan al die manlikes in Agab se geslag sonder enige uitsondering uit Israel uitroei.

²²Omdat jy My uitgetart het en omdat jy Israel laat sondig het, sal Ek met jou huis maak soos met die huis van Jerobeam seun van Nebat en soos met die huis van Baesa seun van Agija.’

²³“En oor Isebel het die Here gesê: Die honde sal Isebel opvreet by die voorste muur van Jisreël.

²⁴Wie uit Agab se familie in die stad sterf, die honde sal hom opvreet, en wie in die oop veld sterf, die roofvoëls sal hom vreet.”

²⁵Daar was nooit iemand wat hom soos Agab daaraan oorgegee het om te doen wat verkeerd is in die oë van die Here nie. Sy vrou Isebel het hom daartoe aangehits.

²⁶Agab het afskuwelik opgetree deur die afgode te dien net soos die Amoriete wie se besittings die Here aan die Israeliete gegee het.

²⁷Toe Agab al hierdie woorde hoor, het hy sy klere geskeur en rouklere om sy lyf gehang en gevas. Hy het selfs met rouklere gaan slaap, en heeltyd bedruk rondgeloop.

²⁸Daarom het die woord van die Here tot Elia die Tisbiet gekom en gesê:

²⁹“Het jy gesien Agab het hom voor My verootmoedig? Omdat hy hom voor My verootmoedig het, sal Ek die ramp nie tydens sý lewe laat plaasvind nie. Tydens die bewind van sy seun sal Ek die ramp oor sy familie bring.”

1 Konings 22

Miga waarsku vir Agab

(Vgl. 2 Kron. 18:1-34)

¹Daar was drie jaar lank geen vyandigheid tussen Aram en Israel nie.

²In die derde jaar het koning Josafat van Juda na die koning van Israel toe gegaan.

³Die koning van Israel het vir sy amptenare gesê: “Julle weet goed Ramot in Gilead behoort aan ons, en tog doen ons niks om dit uit die mag van die koning van Aram terug te vat nie! ”

⁴Die koning van Israel vra toe vir Josafat: “Sal jy saam met my optrek om oorlog te maak teen Ramot in Gilead? ” Josafat het hom geantwoord: “Ek en jy is een. My manskappe is jou manskappe, en my perde is jou perde.

⁵Maar,” het Josafat verder vir die koning van Israel gesê, “raadpleeg net eers die Here.”

⁶Die koning van Israel het toe die profete bymekaargeroep, omtrent vier honderd van hulle, en vir hulle gevra: “Moet ek teen Ramot in Gilead gaan veg? Of moet ek dit laat staan? ” Hulle het geantwoord: “Gaan gerus, die Here gee die stad aan die koning oor.”

⁷Josafat het egter gevra: “Is hier nie nóg 'n profeet van die Here dat ons hom ook kan raadpleeg nie? ”

⁸Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Hier is nog een man deur wie ons die Here kan raadpleeg, maar ek haat hom, want hy voorspel vir my nooit iets

goeds nie, net altyd die slegste. Dit is Miga seun van Jimla.” Josafat sê toe: “Die koning moenie so praat nie.”

⁹Die koning van Israel roep toe 'n paleisamptenaar en sê: “Gaan haal gou vir Miga seun van Jimla! ”

¹⁰Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het elkeen in sy koninklike gewaad op sy troon gesit by die dorsvloer voor die poort van Samaria. Voor hulle was al die profete besig met hulle voorspellings.

¹¹Sedekia seun van Kenaäna het vir hom 'n paar horings van yster gemaak en gesê: “So sê die Here: Met hierdie horings sal u die Arameërs stoot tot dit klaar is met hulle.”

¹²So het al die profete voorspel. Hulle uitspraak was: “Trek op teen Ramot in Gilead. U sal wen. Die Here gee die stad aan die koning oor.”

¹³Die boodskapper wat vir Miga gaan roep het, het vir hom gesê: “Kyk, die uitspraak van die profete was eenstemmig gunstig vir die koning. Laat joune nou tog dieselfde wees. Sê iets goeds! ”

¹⁴Maar Miga sê: “So seker as die Here leef, wat die Here vir my sê, dit sal ek sê! ”

¹⁵Toe Miga by die koning kom, sê dié vir hom: “Miga, moet ons teen Ramot in Gilead gaan veg? Of moet ons dit laat staan? ” “Gaan gerus,” antwoord Miga, “u sal wen. Die Here gee die stad aan die koning oor.”

¹⁶Maar die koning sê vir hom: “Hoeveel keer moet ek nog by jou daarop aandring dat jy vir my niks anders as die waarheid in die Naam van die Here moet sê nie! ”

¹⁷Toe sê Miga: “Ek het die hele Israel verstrooi op die berge gesien soos skape wat nie 'n wagter het nie. Die Here het gesê: Hulle het nie 'n koning nie, laat hulle maar in vrede teruggaan, elkeen na sy huis toe.”

¹⁸Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Ek het jou mos gesê hy voorspel vir my nie iets wat goed is nie, net die slegste.”

¹⁹En Miga praat verder: “Hoor die woord van die Here! Ek het die Here op sy troon sien sit met die hele hemelse leërmag wat weerskante van Hom staan.

²⁰En die Here het gesê: ‘Wie sal vir Agab so ver kry dat hy na Ramot in Gilead toe gaan en daar sneuwel?’ Die een het toe dit gesê en die ander dat,

²¹totdat die gees vorentoe kom en voor die Here gaan staan en gesê het: ‘Ek sal hom so ver kry.’ En toe die Here vir hom vra: ‘Hoe?’

²²sê die gees: ‘Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete.’ Toe sê die Here: ‘Jy sal hom so ver kry. Gaan doen dit, jy sal dit regkry.’

²³So het die Here 'n leuengees in die mond van al hierdie profete van u laat kom, maar die Here het in werklikheid vir u 'n ramp aangekondig.”

²⁴Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op die kakebeen en sê: “Met watter pad is die Gees van die Here van my af weg om met jou te praat?”

²⁵En Miga antwoord: “Dit sal jy sien die dag as jy in een donker kamer na die ander probeer wegkruip.”

²⁶Die koning van Israel het toe beveel: “Vat vir Miga weg en bring hom na Amon, die stadsbevelvoerder, en na prins Joas toe.

²⁷Sê vir hulle die koning sê hulle moet hierdie man in die tronk sit en hom 'n skraal rantsoen kos en water gee tot ek behoue terugkom.”

²⁸Maar Miga het gesê: “As u ooit behoue terugkom, het die Here nie deur my gepraat nie.” Verder het hy gesê: “Hoor dit, alle manskappe.”

²⁹Die koning van Israel en koning Josafat van Juda is toe na Ramot in Gilead toe.

³⁰Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek gaan my vermom voor ek in die geveg betrokke raak. Hou jy jou koninklike gewaad aan.” Die koning van Israel het hom toe vermom en so die geveg ingegaan.

³¹Die Aramese koning het die aanvoerders van sy twee en dertig strydwaens opdrag gegee: “Spits die geveg toe op die koning van Israel, moenie aan die ander aandag gee nie, klein of groot.”

³²Toe die aanvoerders van sy strydwaens vir Josafat sien, sê hulle: “Daar is die koning van Israel! ” en hulle het op hom toegesak. Josafat het om hulp geroep.

³³Die aanvoerders van die strydwaens het gesien dit is nie die koning van Israel nie en het die agtervolging gestaak.

³⁴Iemand het egter losweg 'n pyl afgeskiet, en dié het die koning van Israel getref tussen die skubbe van sy harnas en die borsplaat. Hy sê toe vir sy drywer: “Ruk die perde om en bring my uit die geveg uit. Ek is gewond.”

³⁵Die geveg was dié dag egter so hewig dat die koning die hele tyd teenoor die Arameërs op sy strydwa moes bly staan. Teen laatmiddag is hy dood. Die bloed uit sy wond het in die bak van die strydwa ingeloop.

³⁶Net voor sonder is daar in die kamp geroep: “Elkeen na sy stad toe, elkeen na sy land toe! ”

³⁷Die koning was al dood toe hy in Samaria aankom, en hulle het hom daar in Samaria begrawe.

³⁸Toe hulle die strydwa uitspoel by die dam van Samaria waar die prostitute hulle was, het die honde sy bloed opgelek. Dit het gebeur in ooreenstemming met die woord van die Here.

³⁹Die ander verhale oor Agab en alles wat hy gedoen het, en oor die huis met ivoorinlegwerk wat hy gebou het en oor al die stede wat hy gebou het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

⁴⁰Toe Agab oorlede is, het sy seun Ahasia hom as koning opgevolg.

Koning Josafat van Juda (Vgl. 2 Kron. 20:31 -- 21:1)

⁴¹Josafat seun van Asa het koning van Juda geword in die vierde regeringsjaar van koning Agab van Israel.

⁴²Josafat was vyf en dertig toe hy koning geword het, en hy het vyf en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Asuba 'n dogter van Silgi.

⁴³Hy het die pad van Asa, sy pa, geloop en daar nie van afgewyk nie. Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here.

⁴⁴Die hoogtes het egter nie verdwyn nie, en die volk het nog steeds daarop offers gebring en wierook gebrand.

⁴⁵Josafat het die vrede bewaar met die koning van Israel.

⁴⁶Die ander verhale oor Josafat se regering, oor die heldedade wat hy gedoen en die oorloë wat hy gevoer het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

⁴⁷Josafat het die tempelprostitute wat nog uit die dae van sy pa oorgebly het, uit die land verban.

⁴⁸Daar was nie toe 'n koning in Edom nie; 'n goewerneur het as koning waargeneem.

⁴⁹Josafat het skepe van Tarsis gekry waarmee hy goud wou gaan haal in Ofir. Dit het egter nie plaasgevind nie omdat die skepe skipbreuk gely het in Esjon-Geber.

⁵⁰Ahasia seun van Agab het toe by Josafat aangedring: “Laat my manne saam met joune met die skepe vaar,” maar Josafat wou nie.

⁵¹Josafat is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Joram het hom as koning opgevolg.

Ahasia koning van Israel

⁵²Ahasia seun van Agab het in Samaria koning van Israel geword in die sewentiende regeringsjaar van koning Josafat van Juda. Hy het twee jaar oor Israel geregeer.

⁵³Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het die pad geloop van sy pa en sy ma, en van Jerobeam seun van Nebat wat vir Israel laat sondig het.

⁵⁴Hy het Baäl gedien en aanbid. Hy het ook die Here die God van Israel uitgetart, net soos sy pa gedoen het.

2 Konings

2 Konings 1

Die Here straf vir Ahasia

¹Na die dood van Agab het Moab in opstand gekom teen Israel.

²Ahasia het in Samaria deur sy bokamer se traliewerk geval en hom ernstig beseer. Hy het boodskappers gestuur met die opdrag: “Gaan raadpleeg vir Baäl-Sebub die god van Ekron om te hoor of ek hierdie besering sal oorleef.”

³Maar die Engel van die Here het vir Elia die Tisbiet gesê: “Loop gou die boodskappers van die koning van Samaria tegemoet en sê vir hulle: Is daar dan geen God in Israel nie dat julle vir Baäl-Sebub die god van Ekron gaan raadpleeg?

⁴Daarom sê die Here vir die koning: Jy sal nie opstaan uit die bed waarin jy gaan lê het nie. Jy gaan sterf.” Toe vertrek Elia,

⁵en die boodskappers het omgedraai na die koning toe. Hy vra hulle toe: “Waarom het julle omgedraai? ”

⁶Hulle het hom geantwoord: “'n Man het ons tegemoet geloop en vir ons gesê: Gaan terug na die koning wat vir julle gestuur het en sê vir hom: So sê die Here: Is daar dan geen God in Israel nie dat jy boodskappers stuur om Baäl-Sebub die god van Ekron te raadpleeg? Daarom sal jy nie opstaan uit die bed waarin jy gaan lê het nie. Jy gaan sterf.”

⁷Die koning vra hulle toe: “Hoe het die man gelyk wat vir julle tegemoet geloop en hierdie dinge vir julle gesê het? ”

⁸Hulle het geantwoord: “Dit was 'n man met velklere aan en met 'n velgordel om sy middel.” Daarop sê die koning: “Dit moet Elia die Tisbiet wees.”

⁹Hy stuur toe 'n offisier met vyftig manskappe na Elia toe. Die offisier het na Elia toe opgeklim waar hy op die top van 'n berg gesit het. Die offisier het vir hom gesê: “Man van God, die koning het beveel jy moet afkom na hom toe.”

¹⁰Toe antwoord Elia die offisier: “So seker as ek 'n man van God is, daar sal vuur uit die hemel uit afkom en jou en jou vyftig man verteer!” Daar het toe vuur uit die hemel uit afgekom en die offisier en sy vyftig manskappe verteer.

¹¹Die koning stuur toe 'n ander offisier met vyftig man na Elia toe om hom te beveel: “Man van God, die koning sê: jy moet vinnig na hom toe kom.”

¹²Elia het hom geantwoord: “So seker as ek 'n man van God is, daar sal vuur uit die hemel uit afkom en jou en jou vyftig man verteer!” Daar het toe 'n vuur van God uit die hemel uit afgekom en dit het die offisier en sy vyftig man verteer.

¹³Die koning stuur toe 'n derde keer 'n offisier met sy vyftig man. Die derde offisier is die berg op. By Elia aangekom, het hy op sy knieë voor hom geval en hom om genade gesmeek: “Man van God, spaar tog asseblief my lewe en die lewe van hierdie vyftig man.

¹⁴Daar het vuur uit die hemel uit afgekom en dit het die twee offisiere wat vroeër gekom het, saam met hulle manskappe verteer. Spaar nou asseblief my lewe!”

¹⁵Die Engel van die Here het vir Elia gesê: “Klim af saam met hom, moenie vir hom bang wees nie.” Elia is toe saam met hom die berg af na die koning toe.

¹⁶Elia het vir die koning gesê: “So sê die Here: Omdat jy boodskappers gestuur het om Baäl-Sebub die god van Ekron te raadpleeg asof daar geen God in Israel is wat geraadpleeg kan word nie, sal jy nie opstaan uit die bed waarin jy nou lê nie. Jy gaan sterf.”

¹⁷Hy hét ook gesterf, in ooreenstemming met die woord van die Here wat deur Elia gekom het. Omdat Ahasia self geen kinders gehad het nie, is hy as koning opgevolg deur Joram. Dit was in die tweede regeringsjaar van koning Joram van Juda, seun van Josafat.

¹⁸Die ander verhale oor Ahasia en wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

2 Konings 2

Elia word in die hemel opgeneem

- ¹Die tyd het gekom dat die Here vir Elia in 'n stormwind in die hemel sou opneem. Elia en Elisa het uit Gilgal vertrek,
- ²en Elia het vir Elisa gesê: “Bly hier, want die Here stuur my na Bet-El toe.” Elisa se antwoord was: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle is toe na Bet-El toe.
- ³Die profete wat in Bet-El was, het na Elisa toe gegaan en hom gevra: “Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat? ” Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.”
- ⁴Elia sê toe vir Elisa: “Bly hier, want die Here stuur my na Jerigo toe.” Maar Elisa het geantwoord: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle het saam in Jerigo aangekom.
- ⁵Die profete van Jerigo het na Elisa toe gekom en hom gevra: “Weet jy dat die Here vandag jou leermeester van jou af gaan wegvat? ” Hy het geantwoord: “Ja, ek weet. Moenie daaroor praat nie.”
- ⁶Elia sê toe vir hom: “Bly hier, want die Here stuur my na die Jordaan toe.” Maar Elisa het geantwoord: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie alleen laat gaan nie.” Hulle twee is toe saam verder.
- ⁷'n Vyftigtal van die profete is agterna en het op 'n afstand gaan staan regoor die plek waar Elia langs die Jordaan gestaan het.
- ⁸Elia het sy mantel gevat, dit opgerol en die water daarmee geslaan. Die water het na links en na regs verdeel, sodat hulle twee op droë grond daar deur is.
- ⁹Net toe hulle deur is, sê Elia vir Elisa: “Wat wil jy hê moet ek vir jou doen voordat ek van jou af weggevat word? ” Elisa het geantwoord: “Mag daar tog 'n dubbele deel van u gees op my kom! ”
- ¹⁰Toe sê Elia: “Dis 'n moeilike ding wat jy vra. As jy my sien wanneer ek van jou af weggevat word, mag dit dan met jou gebeur; maar as jy my nie sien nie, sal dit nie gebeur nie.”

¹¹Terwyl hulle gesels-gesels verder gegaan het, was daar skielik 'n wa van vuur met perde van vuur wat hulle twee van mekaar geskei het, en Elia is in 'n stormwind op, die hemel in.

¹²Toe Elisa dit sien, het hy uitgeroep: “My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters! ” Toe Elisa nie meer vir Elia kon sien nie, het hy sy eie klere gevat en in twee stukke geskeur.

¹³Hy het die mantel wat van Elia afgeval het, opgetel en weer op die wal van die Jordaen gaan staan.

¹⁴Hy het met hierdie mantel wat van Elia afgeval het, op die water geslaan en gesê: “Waar is die Here die God van Elia? Waar is Hy? ” Toe Elisa die water slaan, het dit na links en na regs verdeel sodat hy kon deurgaen.

¹⁵Toe die profete van Jerigo wat 'n entjie daarvandaan gestaan het, hom sien, het hulle gesê: “Die gees van Elia rus nou op Elisa.” Hulle het hom tegemoet geloop en voor hom gebuig.

¹⁶Hulle sê toe vir hom: “Daar is vyftig dapper manne onder ons; laat hulle tog u leermeester gaan soek: dalk het die Gees van die Here hom opgelig en êrens op 'n berg of in 'n vallei neergelaat.” Elisa het geantwoord: “Moet hulle nie stuur nie.”

¹⁷Maar hulle het by hom bly aandring totdat hy nie meer kon weier nie, en toe sê hy: “Stuur hulle dan maar.” Hulle het vyftig man gestuur, maar hoewel hulle drie dae lank gesoek het, kon hulle Elia nie kry nie.

¹⁸Toe hulle terugkom in Jerigo waar Elisa oorgebly het, het hy vir hulle gesê: “Het ek nie vir julle gesê julle moenie gaan nie? ”

Elisa maak die water van Jerigo bruikbaar

¹⁹Die inwoners van die stad het vir Elisa gesê: “U sien self hoe mooi ons stad geleë is, maar die water is giftig en die oes uit die grond veroorsaak misgeboortes.”

²⁰Elisa sê toe: “Bring vir my 'n nuwe skottel en gooi sout daarin.” Hulle het dit na hom toe gevat.

²¹Hy het uitgegaan na die plek waar die water uitkom en die sout daar ingegooi, met die woorde: “So sê die Here: Ek maak hierdie water bruikbaar sodat dit nie meer dood of onvrugbaarheid sal veroorsaak nie.”

²²Die water is vandag nog bruikbaar, net soos Elisa gesê het.

Die seuntjies spot vir Elisa

²³Elisa is daarvandaan op na Bet-El toe. Terwyl hy op pad was daarnatoe, het 'n klomp klein seuntjies uit die stad gekom en hom gespot: “Hoër op, kaalkop! Hoër op, kaalkop! ”

²⁴Hy het omgedraai, hulle aangekyk en hulle vervloek in die Naam van die Here. Twee bere het uit die bos gekom en twee en veertig van die kinders verskeur.

²⁵Van Bet-El af is Elisa na Karmelberg toe en daarvandaan na Samaria toe.

2 Konings 3

Die Moabiete rebelleer teen Israel

¹Joram seun van Agab het in Samaria koning oor Israel geword in die agtiende regeringsjaar van koning Josafat van Juda. Hy was twaalf jaar lank koning.

²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, maar nie so erg soos sy pa en ma nie: hy het darem die klippilaar van Baäl wat deur sy pa gemaak is, verwyder.

³Tog het hy volhard in die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het; hy het dit nie laat vaar nie.

⁴Koning Mesa van Moab was 'n skaapboer wat honderd duisend lammers en die wol van honderd duisend ramme aan die koning van Israel moes lewer.

⁵Toe Agab dood is, het die koning van Moab teen die koning van Israel gerebelleer.

⁶Koning Joram het onmiddellik uit Samaria vertrek en die hele Israel onder die wapen gebring.

⁷Hy het aan koning Josafat van Juda die volgende boodskap gestuur: “Die koning van Moab het teen my gerebelleer. Gaan jy hom saam met my aanval?” Josafat het geantwoord: “Ek sal saam met jou opruk. Ek en jy is een. My manskappe is jou manskappe, en my perde is jou perde.”

⁸“Met watter pad sal ons opruk?” het Joram gevra. “Met die pad deur die Edomwoestyn,” het Josafat geantwoord.

⁹Die koning van Israel, die koning van Juda en die koning van Edom het saam opgetrek. Nadat hulle sewe dae gevorder het, was daar nie meer water vir die manskappe en vir die diere by hulle nie.

¹⁰Toe sê die koning van Israel: “Helaas, die Here het hierdie drie konings geroep net om hulle in die mag van Moab oor te gee.”

¹¹Maar Josafat het gevra: “Is hier nie 'n profeet van die Here deur wie ons die Here kan raadpleeg nie?” Een van die amptenare van die koning van Israel het geantwoord: “Elisa seun van Safat is hier. Hy het sy opleiding by Elia gekry.”

¹²Toe het Josafat gesê: “Die woord van die Here is by Elisa.” Daarna het Josafat en die konings van Israel en Edom na Elisa toe gegaan.

¹³Elisa het vir die koning van Israel gesê: “Het ons nog iets vir mekaar te sê? Gaan na die profete van jou pa en jou ma toe.” Maar die koning van Israel het vir hom gesê: “Nee, dit is tog die Here wat hierdie drie konings geroep het net om hulle in die mag van Moab oor te gee.”

¹⁴Elisa het geantwoord: “So seker as die Here die Almagtige lewe, in wie se diens ek is, as dit nie was dat ek agting het vir die persoon van koning Josafat van Juda nie, sou ek my nie eens verwerdig het om na jou te kyk nie.

¹⁵Bring nou vir my 'n lierspeler.” Terwyl die lierspeler gespeel het, het die mag van die Here vir Elisa in besit geneem,

¹⁶en hy het gesê: “So sê die Here: Daar sal damme en damme water in hierdie vallei staan.

¹⁷Kyk, so sê die Here: Julle sal nie wind of reën sien nie, en tog sal hierdie vallei vol water word, sodat julle en julle slagvee en julle pakkdiere kan drink.

¹⁸Vir die Here is dit maar iets gerings om te doen: Hy sal ook vir Moab in julle mag oorgee.

¹⁹Julle sal al hulle vestingstede, die uitsoekstede, inneem, al die mooi bome uitkap, al die fonteine toestop, en al die mooi lande vol klippe gooi.”

²⁰Die volgende môre, teen die tyd dat die offer gewoonlik gebring word, het daar onverwags water uit die rigting van Edom gekom, en die hele gebied het vol water geloop.

²¹Die Moabiete het verneem dat die konings opruk om teen hulle te veg. Almal wat bewapen kon word, jonk en oud, is opgekommandeer en het by die grens gaan stelling inneem.

²²Toe hulle vroeg die volgende môre opstaan, net toe die son opkom oor die water, sien die Moabiete die water oorkant hulle, rooi soos bloed.

²³“Dis bloed! ” het hulle geskree. “Die konings het met mekaar begin veg en mekaar doodgemaak. Storm op die buit af, Moabiete! ”

²⁴Toe hulle by die kamp van die Israeliete kom, het die Israeliete hulle aangeval en verslaan. Die Israeliete het die Moabiete voor hulle uit op die vlug gedryf, Moab binnegedring en dit verwoes.

²⁵Hulle het die stede in puin gelê en elke bewerkbare stuk grond met klippe besaai: elkeen het 'n klip gegooi om dit vol klippe te kry. Elke fontein het hulle toegestop en elke goeie boom afgekap. Uiteindelik het net Kir-Geres oorgebly. Die soldate met slingervelle het die stad omring en dit ingeneem.

²⁶Toe die koning van Moab sien dat hy die geveg gaan verloor, het hy sewe honderd man wat met swaarde bewapen was, gevat in 'n poging om by die koning van Edom deur te breek, maar hulle kon nie.

²⁷Toe vat die koning van Moab sy oudste seun wat in sy plek sou koning word en offer hom as brandoffer op die stadsmuur. Dit het die Israëliete so geskok dat hulle daarvandaan vertrek en na hulle land toe teruggegaan het.

2 Konings 4

Die weduwee se olie

¹'n Vrou van 'n profeet het haar nood by Elisa kom kla: “My man is dood. U weet self dat hy die Here gedien het. Nou het die skuldeiser gekom om my twee seuns te vat en hulle sy slawe te maak.”

²Elisa het vir haar gesê: “Ek sal jou help. Sê vir my: wat het jy in jou huis?” Sy het geantwoord: “Ek het niks in die huis nie behalwe 'n erdekannetjie olie.”

³Hy het toe gesê: “Gaan leen nou by al jou bure leë kruike, en sorg dat jy nie te min leen nie.

⁴Dan gaan jy in jou huis in, maak die deur agter jou en jou seuns toe, en gooi elkeen van hierdie kruike vol olie. Soos elkeen vol word, moet jy hom wegpak.”

⁵Sy is van hom af weg. Sy het die deur agter haar en haar seuns toegemaak. Soos hulle die kruike na haar toe aangedra het, het sy hulle volgemaak.

⁶Toe die kruike vol was, sê sy vir een van haar seuns: “Bring vir my nog 'n kruik.” Maar hy het gesê: “Daar is nie meer 'n kruik oor nie.” Toe het daar nie

⁷meer olie uit die kannetjie gekom nie. Sy het by die man van God aangekom en dit vir hom vertel. Hy het gesê: “Gaan verkoop die olie en betaal jou skuld. Jy en jou seuns kan dan leef van wat oorbly.”

Die seun van die Sunemmitiese vrou

⁸Op 'n dag het Elisa na Sunem toe gegaan. Daar was 'n vooraanstaande vrou wat by hom daarop aangedring het om vir ete oor te bly. Elke keer as hy daar verbykom, het hy eers by haar aangegaan om te eet.

⁹Sy het vir haar man gesê: “Ek weet dit is 'n heilige man van God wat gereeld hier by ons aankom.

¹⁰Kom ons bou 'n klein bovertrekkie en sit vir hom 'n bed, 'n tafel, 'n stoel en 'n lamp daarin. Wanneer hy by ons aankom, kan hy daar intrek.”

¹¹Op 'n dag toe Elisa weer daar aankom, het hy in die bovertrek ingetrek en gaan rus.

¹²Hy het vir Gehasi sy slaaf gesê: “Roep bietjie die Sunemmitiese vrou.” Gehasi het haar geroep, en toe sy voor Elisa se kamer staan,

¹³sê hy vir sy slaaf: “Sê vir haar: Jy het al hierdie moeite vir ons gedoen. Wat kan ek vir jou doen? Sal ek vir jou 'n woordjie doen by die koning of by die hoof van die leër? ” “Ek woon hier tussen my eie mense,” was haar antwoord.

¹⁴Hy vra toe: “Maar kan daar nie iets vir haar gedoen word nie? ” Waarop Gehasi antwoord: “Ja tog, sy het nie 'n seun nie, en haar man is al oud.”

¹⁵“Roep haar hiernatoe,” sê Elisa. Toe Gehasi haar nader roep, het sy in die deur kom staan.

¹⁶Toe sê Elisa: “Hierdie tyd oor 'n jaar sal jy 'n seun in jou arms hou.” Sy antwoord: “Nee, Meneer, u is 'n man van God, u moet tog nie vir my iets sê wat nie so kan wees nie! ”

¹⁷Die vrou het swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring, presies 'n jaar later, net soos Elisa vir haar gesê het.

¹⁸Toe die seun groter geword het, het hy op 'n dag na sy pa-hulle toe gegaan waar hulle besig was om te oes.

¹⁹Skielik het hy vir sy pa gesê: “My kop, my kop! ” Sy pa het vir 'n slaaf gesê: “Dra hom na sy ma toe.”

²⁰Die slaaf het hom na sy ma toe gedra. Hy het op haar skoot gelê tot die middag, en toe is hy dood.

²¹Sy het hom boontoe gedra en hom neergelê op die bed van die man van God, en toe sy uitgaan, het sy die deur agter haar toegetrek.

²²Sy het haar man geroep en gesê: “Stuur tog vir my 'n slaaf en 'n donkie. Ek wil na die man van God toe gaan en gou weer terug wees.”

²³“Maar waarom gaan jy vandag na hom toe,” het haar man gevra, “dit is mos nie nuwemaan of sabbat nie? ” Maar sy het hom gerusgestel,

²⁴die donkie opgesaal en vir haar slaaf gesê: “Jaag die donkie aan. Moenie dat hy gaan staan nie, behalwe as ek vir jou so sê.”

²⁵Sy is toe vort en het by die man van God aangekom by Karmelberg. Toe die man van God haar op 'n afstand sien aankom, sê hy vir Gehasi sy slaaf: “Dis mos die Sunemmitiese vrou daardie.

²⁶Hardloop haar tegemoet en vra vir haar: Gaan dit goed met jou? Gaan dit goed met jou man? En met jou seun? ” Vir Gehasi het sy gesê: “Dit gaan goed,”

²⁷maar toe sy by die man van God op die berg kom, het sy aan sy voete vasgeklou. Toe Gehasi nader staan om haar weg te stoot, sê die man van God: “Los haar, sy is baie hartseer. Die Here het dit vir my verberg en vir my niks gesê nie.”

²⁸Sy sê toe vir hom: “Meneer, het ek van u 'n seun gevra? Het ek nie gesê: Moenie by my 'n valse hoop wek nie? ”

²⁹Toe sê hy vir Gehasi: “Maak gou klaar, vat my kiere en vertrek. As jy iemand raakloop, moet hom nie groet nie. Gaan sit my kiere op die gesig van die seun.”

³⁰Toe sê die seun se ma: “So seker as die Here leef en u leef, ek sal u nie toelaat om agter te bly nie.” Hy het opgestaan en saam met haar gegaan.

³¹Gehasi was voor hulle daar en hy het die kiere op die seun se gesig gesit, maar daar was geen geluid of enige teken van lewe nie. Hy gaan toe terug na Elisa toe en sê vir hom dat die seun nie bygekom het nie.

³²Toe Elisa in die huis kom, het die seun daar dood gelê net soos hy op die bed neergelê was.

³³Elisa het die kamer binnegegaan en die deur toegemaak sodat hulle alleen was. Nadat hy tot die Here gebid het,

³⁴het Elisa op die bed geklim en bo-op die seun gaan lê. Hy het vol op die seun gelê met sy mond op die seun se mond, sy oë op sy oë, sy hande op sy hande, sodat die seun se liggaam warm geword het.

³⁵Nadat hy 'n keer heen en weer in die huis geloop het, het hy weer op hom gaan lê. Die seun het sewe keer genies en toe sy oë oopgemaak.

³⁶Elisa het vir Gehasi geroep en hom beveel om die Sunemmitiese vrou te roep. Hy het dit gedoen en toe sy inkom, sê Elisa vir haar: “Tel jou seun op.”

³⁷Sy het ingekom en by sy voete op haar knieë geval en gebuig. Toe tel sy haar kind op en gaan uit.

'n Giftige bredie word eetbaar

³⁸Elisa is terug Gilgal toe. Daar was in dié tyd 'n hongersnood in die land. Terwyl die profete aan sy voete gesit het, sê hy vir sy slaaf: “Sit 'n groot pot op die vuur en kook 'n bredie vir die profete.”

³⁹Een van hulle is veld toe om te gaan kruie pluk. Hy het op wilde ranke afgekom en wildekomkommers daarvan afgepluk tot sy sakke vol was. Hy het dit in die pot met bredie gaan insny sonder om te weet wat dit regtig was.

⁴⁰Hulle het met ete vir die manne van die bredie opgeskep, maar net toe hulle dit proe, roep hulle uit: “Man van God, daar is gif in die kos!” Hulle kon dit nie eet nie.

⁴¹Elisa het gesê: “Bring 'n bietjie meel.” Hy het dit in die pot gegooi en gesê: “Skep op vir die mense dat hulle kan eet.” Die kos in die pot was toe nie meer giftig nie.

Kos vir honderd mense

⁴²Daar het 'n man uit Baäl-Salisa aangekom wat vir die man van God brood gebring het, twintig garsbrode gebak met meel van die nuwe oes, en ook vars koringare. Elisa het gesê: “Gee dit vir die mense om te eet.”

⁴³Maar sy slaaf het beswaar gemaak: “Hoe kan ek die bietjie kos aan 'n honderd man voorsit?” Maar Elisa het weer gesê: “Gee dit vir die mense om te eet, want so sê die Here: Hulle sal eet en nog oorhou.”

⁴⁴Die slaaf het dit vir hulle voorgesit. Hulle het geëet en oorgehou, net soos die Here gesê het.

2 Konings 5

Naäman word genees van melaatsheid

¹Naäman, die hoof van die leër van die koning van Aram, was 'n gesiene man wat die agting van die koning geniet het. Deur hom het die Here 'n oorwinning aan Aram besorg. Die man was 'n dapper soldaat, maar hy het melaats geword.

²Op een van hulle strooptogte het die Arameërs 'n jong dogtertjie uit Israel ontvoer wat Naäman se vrou se bediende geword het.

³Sy het vir die vrou gesê: “Ag, as Meneer net by die profeet in Samaria kon uitkom, dan sal hy vir Meneer van sy melaatsheid gesond maak.”

⁴Naäman het by die koning gekom en hom meegedeel wat die dogtertjie uit Israel gesê het.

⁵“Gaan gerus,” het die koning van Aram gesê, “ek stuur jou met 'n brief na die koning van Israel toe.” Hy het vertrek en drie honderd twee en veertig kilogram silwer, ag en sestig kilogram goud en tien stelle klere met hom saamgevat.

⁶Hy het die brief na die koning van Israel toe gebring. Dit het só gelui: “Ek het my dienaar Naäman met hierdie brief na jou toe gestuur. Wanneer hy by jou uitkom, moet jy hom van sy melaatsheid gesond maak.”

⁷Toe die koning die brief gelees het, het hy sy klere geskeur en gesê: “Is ek dan God wat mense laat sterwe of aan hulle die lewe gee dat hierdie man iemand na my toe stuur om hom van sy melaatsheid gesond te maak? Dit moet vir julle duidelik wees hy soek net skoor met my.”

⁸Elisa die man van God het te hore gekom dat die koning van Israel sy klere geskeur het en het 'n boodskap aan die koning gestuur: “Hoekom het u u klere geskeur? Laat Naäman na my toe kom, sodat hy kan besef dat daar 'n profeet in Israel is.”

⁹Toe Naäman met sy wa en perde daar aankom, het hy stilgehou voor die deur van Elisa se huis.

¹⁰Elisa het 'n boodskap na hom toe gestuur: “Gaan was jou sewe maal in die Jordaan, dan sal jy gesond word en rein wees.”

¹¹Naäman het vererg weggery en gesê: “Ek het darem gedink hy sou uitkom en gaan staan, die Naam van die Here sy God aanroep, dan sy hand heen en weer oor die plek beweeg en so die melaatsheid wegneem.

¹²Is die riviere van Damaskus, die Abana en die Parpar, nie beter as al die waters van Israel nie? Kan ek my nie daarin was om rein te word nie? ” So het hy woedend daarvandaan teruggery.

¹³Sy amptenare het by hom gekom en mooi met hom gepraat: “Meneer, as die profeet iets moeiliks van u verwag het, sou u dit nie gedoen het nie? Hoeveel te meer nou dat hy eenvoudig vir u gesê het: Was jou en jy sal rein wees? ”

¹⁴Hy het toe afgegaan na die Jordaan toe en hom sewe keer daarin gebad, soos die man van God gesê het, en sy vel het gesond geword soos dié van 'n klein seuntjie en hy was weer rein.

¹⁵Hy en sy hele gevolg het teruggegaan na die man van God toe. Daar aangekom, het Naäman voor die man van God gaan staan en gesê: “Ek weet nou, daar is geen God op die hele aarde nie behalwe in Israel. Aanvaar asseblief hierdie geskenk van my.”

¹⁶Maar Elisa het gesê: “So seker as die Here leef in wie se diens ek is, ek sal dit nie aanvaar nie.” Naäman het by Elisa daarop aangedring om dit te aanvaar, maar hy het bly weier.

¹⁷Toe sê Naäman: “As u dan nie iets wil hê nie, wil u nie asseblief vir my twee muilvragte grond laat kry nie? Daarop wil ek brandoffers en ander diereoffers bring, net aan die Here, nie langer aan enige ander god nie.

¹⁸Daar is net een ding wat die Here my asseblief sal moet vergewe: as my koning na die tempel van Rimmon toe kom om te aanbid, en ek hom moet vergesel, en ek dan in die tempel van Rimmon aanbid wanneer hy daar aanbid, mag die Here my dit vergewe! ”

¹⁹Elisa het van Naäman afskeid geneem, maar toe hy 'n ent weg was,

²⁰het Gehasi, die slaaf van Elisa die man van God, vir homself gesê: “Meneer het hierdie Arameër Naäman laat weggom sonder om iets te aanvaar van alles wat hy gebring het. So seker as die Here leef, ek gaan agter hom aan hardloop en ek sal iets van hom aanvaar.”

²¹Gehasi is agter Naäman aan. Toe Naäman hom agter hom aan sien hardloop, het hy van die wa af afgespring, hom tegemoet gegaan en gevra: “Wat is verkeerd? ”

²²“Niks nie,” het hy geantwoord. “Die profeet het my gestuur om te sê: Daar het nou net twee jongmanne van die profetegemeenskap hier aangekom van die Efraimsberge af, en sal u nie asseblief vir hulle vier en dertig kilogram silwer en twee stelle klere gee nie.”

²³Naäman het gesê: “Wees so vriendelik om ag en sestig kilogram te aanvaar.” Hy het by hom daarop aangedring, die ag en sestig kilogram silwer in twee geldsakke toegebind en dit saam met die twee stelle klere aan twee van sy slawe gegee om dit voor Gehasi uit te dra.

²⁴Toe hy by Die Bult kom, het hy dit by hulle gevat en in sy kamer gaan wegsteek. Toe hy die manne laat gaan het en hulle daar weg is,

²⁵en hy inkom en by die profeet gaan staan, vra Elisa vir hom: “Waar kom jy vandaan, Gehasi? ” Hy het geantwoord: “Ek was nêrens heen nie.”

²⁶Hy sê toe vir hom: “Was ek nie in die gees by jou toe iemand van sy wa af omgedraai het om jou tegemoet te gaan nie? Moes jy dié geleentheid aangryp om silwer en klere in die hande te kry, of olyfboorde en wingerde, kleinvee en grootvee, slawe en slavinne?

²⁷Die melaatsheid waarmee Naäman aangetas was, sal vir altyd aan jou en jou nageslag sit.” Toe hy van Elisa af weggaan, was hy klaar melaats, wit soos sneeu.

2 Konings 6

Elisa laat 'n byl op die water dryf

¹Die profete het vir Elisa gesê: “Die plek waar ons van u onderrig ontvang, het te klein geword vir ons.

²Laat ons na die Jordaan toe gaan en balke kap om vir ons 'n bymekaarkomplek te bou.” “Gaan gerus,” het hy geantwoord.

³Een het vir hom gevra: “Wil u nie met ons saamgaan nie?” Hy het geantwoord: “Ek sal gaan,”

⁴en hy het saam met hulle gegaan. Toe hulle by die Jordaan kom, het hulle bome afgekap.

⁵Terwyl een besig was om 'n boom af te kap, het sy byl in die water geval. Hy roep toe: “Ag tog, Meneer, en dit was boonop 'n geleende byl!”

⁶Die man van God het gevra waar die byl ingeval het. Toe die profeet vir hom die plek gewys het, het hy 'n stuk hout afgekap en dit daar ingegooi, en dit het die byl bo laat dryf.

⁷Hy sê toe vir hom: “Haal dit uit.” Die man het sy hand uitgesteek en dit gevat.

Die Arameërs word met blindheid geslaan

⁸Die koning van Aram was in oorlog met Israel gewikkel en het telkens met sy offisiere afgespreek dat hy op 'n sekere plek sou kamp opslaan.

⁹Die man van God het dan aan die koning van Israel die volgende boodskap gestuur: “Pas op dat u nie na daardie plek toe optrek nie, want die Arameërs trek soontoe op.”

¹⁰Gevolgtlik het die koning van Israel boodskappe deurgestuur na die plek toe wat die man van God aan hom genoem het en hom voor gewaarsku het. Die mense daar was dan keer op keer voorbereid.

¹¹Die koning van Aram het baie onrustig geword hieroor. Hy het sy offisiere laat roep en vir hulle gesê: “Ek wil van julle weet wie van ons dra nuus oor aan die koning van Israel.”

¹²Een van sy offisiere het geantwoord: “Nie een van ons nie, U Majesteit, maar die profeet Elisa daar in Israel kan vir die koning van Israel vertel selfs wat u in u slaapkamer sê.”

¹³Die koning van Aram het gesê: “Gaan vind uit waar hy is, dan stuur ek manne om hom te vang.” Die koning is meegedeel: “Hy is in Dotan.”

¹⁴Die koning stuur toe perde, strydwaens en 'n sterk mag daarheen. Hulle het in die nag gekom en die stad omsingel.

¹⁵Die môre vroeg het die slaaf van die man van God opgestaan, en toe hy uitgaan, sien hy 'n leër rondom die stad, met perde en strydwaens. “Ag, Meneer!” sê die slaaf vir Elisa, “wat gaan ons nou maak?”

¹⁶Hy het geantwoord: “Moenie bang wees nie, dié wat by ons is, is meer as wat hulle is.”

¹⁷Elisa het gebid: “Here, maak tog sy oë oop dat hy kan sien.” Die Here het die oë van die slaaf oopgemaak, en hy het gesien: die berge rondom Elisa was vol perde en strydwaens van vuur.

¹⁸Toe die Arameërs op hom afstorm, het Elisa tot die Here gebid: “Slaan tog hierdie mense met blindheid!” Die Here het hulle met blindheid geslaan net soos Elisa gevra het.

¹⁹Elisa sê toe vir hulle: “Dis nie die regte pad nie en dis nie die regte stad hierdie nie. Kom agter my aan, dan lei ek julle tot by die man vir wie julle soek.” Hy het hulle na Samaria toe gelei.

²⁰Toe hulle in Samaria kom, sê Elisa: “Here, maak hierdie mense se oë oop dat hulle kan sien.” Toe die Here hulle oë oopmaak en hulle kyk, toe is hulle binne in Samaria!

²¹Toe die koning van Israel hulle sien, vra hy vir Elisa: “Moet ek hulle doodmaak, Meneer, moet ek hulle doodmaak?”

²²“Nee, moet hulle nie doodmaak nie,” was sy antwoord. “Sou jý mense doodmaak wat jy met jou eie swaard en jou pyl en boog krygsgevangene geneem

het? Sit vir hulle eet- en drinkgoed voor, dat hulle kan eet voordat hulle teruggaan na hulle koning toe.”

²³Die koning van Israel het vir hulle 'n groot feesmaal gegee. Nadat hulle geëet het, het hy hulle laat gaan, terug na hulle koning toe. Die bendes van die Arameërs het toe nie weer in die land Israel gekom nie.

Hongersnood in Samaria. Die Arameërs vlug

²⁴Later het koning Ben-Hadad van Aram sy hele leër opgeroep, na Samaria toe opgeruk en dit beleër.

²⁵Daar het 'n groot hongersnood in Samaria ontstaan, en die beleg het voortgeduur totdat die kop van 'n donkie naderhand byna 'n kilogram silwer gekos het en 'n klein skeppie duiwemis sewe en vyftig gram.

²⁶Toe die koning van Israel 'n keer op die stadsmuur langs verbyloop, het 'n vrou uitgeroep: “Help my asseblief, U Majesteit! ”

²⁷Hy het geantwoord: “As die Here jou nie help nie, hoe sal ek jou kan help? Uit die dorsvloer of uit die parskuip? ”

²⁸Toe die koning haar vra wat haar moeilikheid is, antwoord sy: “Hierdie vrou het aan my voorgestel: ‘Gee jou kind dat ons hom vandag eet, dan kan ons môre my kind eet.’

²⁹Ons het toe my kind gekook en geëet, maar toe ek vir haar die volgende dag sê: Gee nou jou kind dat ons hom eet, het sy haar kind weggesteek! ”

³⁰Toe die koning die vrou se verhaal hoor, het hy sy klere geskeur. Soos hy op die muur langs verbygeloop het, kon die bevolking sien dat hy 'n roukleed onder sy ander klere aanhet.

³¹Hy het uitgeroep: “Mag die Here my om die lewe bring as ek vandag Elisa seun van Safat se kop op sy lyf laat bly.”

³²Elisa het in sy huis gesit saam met die leiers. Die koning het iemand met 'n opdrag gestuur, maar voordat die boodskapper nog by Elisa aangekom het, het hy al vir die leiers gesê: “Weet julle, hierdie moordenaarskind het iemand

gestuur om my kop af te kap. Hou dop wanneer die boodskapper kom. Sluit dan die deur en hou hom buite. Sy koning kom agter hom aan.”

³³Terwyl Elisa nog so met hulle sit en praat, het die koning self na hom toe gekom en gesê: “Kyk watter ellende het die Here oor ons gebring. Hoe kan ek nog op die Here hoop! ”

2 Konings 7

¹Maar Elisa sê: “Hoor die woord van die Here! So het die Here gesê: Môre hierdie tyd sal 'n mens vir elf gram silwer vyf kilogram meel of nege kilogram gars kom koop, hier in die poort van Samaria.”

²Die adjudant, wat die vertroueling van die koning was, het vir die man van God gesê: “Dit is onmoontlik selfs al maak die Here vensters in die hemel sodat dit nou reën.” Elisa het geantwoord: “Toe maar, jy sal dit met jou eie oë sien, maar jy sal nie daarvan eet nie.”

³Daar was vier melaatses by die ingang van die stadspoort. Hulle het vir mekaar gesê: “Hoekom bly ons hier tot ons doodgaan?

⁴As ons sou besluit ons wil in die stad ingaan, sal ons daar doodgaan, want daar is hongersnood in die stad. Bly ons hier, is ons ook dood. Kom ons loop oor na die kamp van die Arameërs toe! As hulle ons laat leef, leef ons; as hulle ons doodmaak, is ons dood! ”

⁵Skemeraand het hulle na die kamp van die Arameërs toe vertrek. Toe hulle by die kant van die kamp van die Arameërs kom, ontdek hulle dat daar niemand is nie!

⁶Die Here het die Arameërs in die kamp die geluid laat hoor van strydwaens, perde en 'n groot leër. Hulle het vir mekaar gesê: “Die koning van Israel het die konings van die Hetiete en van Egipte gehuur om ons aan te val.”

⁷In die skemer het hulle op die vlug geslaan. Hulle het die hele kamp net so gelos soos dit was, tente, perde en donkies, en vir hulle lewe gevlug.

⁸Toe hierdie melaatses by die kant van die kamp gekom het, het hulle in 'n tent ingegaan en geëet en gedrink. Hulle het ook silwer, goud en klere daaruit gevat en dit gaan begrawe. Daarna is hulle 'n tweede tent in waaruit hulle ook goed gevat en gaan begrawe het.

⁹Hulle sê toe vir mekaar: “Ons maak nie reg nie. Vandag is 'n dag vir blydschap en ons bly stil! As ons wag tot ligdag, sal ons beslis gestraf word. Kom ons gaan vertel dit by die paleis van die koning.”

¹⁰Hulle het by die stad aangekom en na die wagte geroep en vir hulle vertel: “Toe ons by die kamp van die Arameërs gekom het, was daar niemand te sien of te hoor nie. Daar was net vasgemaakte perde en donkies, en die tente net soos hulle gelos is.”

¹¹Die wagte het die nuus verder oorgedra totdat dit binne in die paleis bekend geword het.

¹²Die koning het die nag opgestaan en vir sy amptenare gesê: “Ek sal julle vertel wat die Arameërs met ons wil doen! Hulle weet ons is uitgehonger. Hulle het uit die kamp uit gegaan en in die veld gaan wegkruip met die gedagte: as die Israeliete uit die stad uitgaan, vang ons hulle lewendig en kom so self in die stad.”

¹³Een van sy amptenare het hierop geantwoord: “Laat van ons mense vyf van die perde vat wat nog oor is, dan stuur ons hulle met die perde en kyk wat gebeur. Hulle sal dit óf oorleef soos die menigte Israeliete wat nog in die stad oor is, óf hulle sal omkom soos die menigte Israeliete wat hier al aan hulle einde gekom het.”

¹⁴Hulle het twee strydwaens met perde gevat. Die koning het hulle agter die leer van die Arameërs aan gestuur met die opdrag: “Gaan kyk.”

¹⁵Hulle is agter hulle aan tot by die Jordaan. Die hele pad het vol klere en goed gelê wat die Arameërs in hulle haas om weg te kom, weggegooi het. Die boodskappers het teruggekom en dit aan die koning meegedeel.

¹⁶Toe het die volk uit die stad uit gegaan en die kamp van die Arameërs geplunder. Vyf kilogram meel of nege kilogram gars het net elf gram silwer gekos, soos die Here gesê het.

¹⁷Die koning het die adjudant, wat sy vertroueling was, in bevel van die poort geplaas, maar hy is deur die volk in die poort doodgetrap, net soos die man van God dit vir die koning gesê het toe dié na hom toe gekom het.

¹⁸Dit het gebeur net soos die man van God vir die koning gesê het: “Nege kilogram gars of vyf kilogram meel sal môre hierdie tyd net elf gram silwer kos in die poort van Samaria.”

¹⁹Toe het die adjudant mos die man van God geantwoord: “Dit is onmoontlik selfs al maak die Here vensters in die hemel dat dit nou reën,” en Elisa het geantwoord: “Toe maar, jy sal dit met jou eie oë sien, maar jy sal net nie daarvan eet nie.”

²⁰Dit is presies wat met die adjudant gebeur het: die volk het hom in die poort doodgetrap.

2 Konings 8

'n Vrou kry haar grond terug

¹Elisa het vir die vrou wie se seun hy in die lewe teruggebring het, gesê: “Maak klaar om te vertrek, jy en jou huisgesin. Gaan bly op enige plek in die buiteland waar jy blyplek kan kry, want die Here het 'n hongersnood van sewe jaar vir hierdie land bepaal, en dit het al klaar begin.”

²Die vrou het klaargemaak soos die profeet gesê het, en met haar gesin vertrek en sewe jaar lank in die land van die Filistyne gaan bly.

³Aan die einde van die sewe jaar het sy uit die land van die Filistyne teruggekeer. Sy het na die koning toe gegaan om by hom te pleit vir haar huis en haar grond.

⁴Die koning was in gesprek met Gehasi, die slaaf van die man van God. Hy het gevra: “Vertel 'n bietjie vir my van al die groot dinge wat Elisa gedoen het.”

⁵Terwyl hy vir die koning vertel van die dooie vir wie Elisa in die lewe teruggebring het, kom die vrou wie se seun hy in die lewe teruggebring het, juis by die koning pleit vir haar huis en haar grond. Gehasi sê toe: “U Majesteit, dit is die vrou hierdie, en dit is haar seun vir wie Elisa in die lewe teruggebring het.”

⁶Die koning het die vrou uitgevra, en sy het hom alles vertel. Die koning het 'n paleisamptenaar tot haar beskikking gestel met die opdrag: “Sorg dat sy alles terugkry wat aan haar behoort, ook die hele opbrengs van die grond van die dag af dat sy die land verlaat het tot nou toe.”

Gasael word koning oor Aram

⁷Toe Elisa in Damaskus kom, was koning Ben-Hadad van Aram juis siek. Toe hulle hom meedeel dat die man van God daar aangekom het,

⁸het die koning vir Gasael gesê: “Neem geskenke saam met jou en gaan na die man van God toe. Gaan raadpleeg die Here deur hom of ek van hierdie siekte gesond sal word.”

⁹Gasael het hom tegemoet gegaan met geskenke van allerhande pragtige Damaskusware, 'n vrag vir veertig kamele. Hy het by hom gekom, voor hom gaan staan en gesê: “U dienswillige, koning Ben-Hadad van Aram, het my na u toe gestuur om te vra of hy van sy siekte gesond sal word.”

¹⁰Elisa het vir Gasael gesê: “Gaan sê vir jou koning hy sal nie gesond word nie, want die Here het aan my geopenbaar dat hy sal sterwe.”

¹¹Die man van God het vir Gasael met 'n strak gesig aangekyk totdat hy verleë geword het. Toe het Elisa in trane uitgebars.

¹²“Waarom huil u? ” het Gasael gevra. Elisa het geantwoord: “Omdat ek weet watter kwaad jy die Israeliete gaan aandoen. Jy sal hulle vestings in vlamme laat opgaan, hulle jongmanne doodmaak, hulle kindertjies verpletter en hulle swanger vrouens oopsny.”

¹³Maar Gasael het gesê: “Ek het nie enige mag nie, hoe sou ek so iets kon doen!” Elisa het geantwoord: “Die Here het aan my geopenbaar dat jy koning oor Aram sal word.”

¹⁴Gasael het van Elisa af weggegaan en by sy koning gekom. Dié het hom gevra: “Wat het Elisa vir jou gesê?” Gasael antwoord toe: “Hy het vir my gesê u sal lewe.”

¹⁵Die volgende môre het Gasael 'n doek gevat, dit in water gestee en oor die koning se gesig getrek, en die koning het gesterf. Gasael het hom as koning opgevolg.

Joram word koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 21:1-10)

¹⁶In die vyfde regeringsjaar van koning Joram van Israel, seun van Agab, het Joram seun van Josafat sy pa opgevolg as koning van Juda.

¹⁷Hy was twee en dertig toe hy koning geword het, en hy het ag jaar in Jerusalem geregeer.

¹⁸Hy het die pad van die konings van Israel geloop soos die koningshuis van Agab gedoen het, want hy was getroud met 'n dogter van Agab. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

¹⁹Die Here wou Juda nie vernietig nie, ter wille van sy dienaar Dawid. Die Here het hom belowe om altyd iemand uit sy nageslag op sy troon te laat sit.

²⁰In die tyd van Joram het die Edomiete teen Juda gerebelleer en 'n eie koning oor hulle aangestel.

²¹Joram het met sy hele strydswag opgeruk na Sair toe. Hy het in die nag die Edomiete aangeval wat hom en sy strydwaoffisiere wou omsingel, maar sy manskappe moes vlug, terug huis toe.

²²Tot vandag toe is Edom in opstand teen die gesag van Juda. Destyds het Libna ook gerebelleer.

²³Die ander verhale oor Joram en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²⁴Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Ahasia het hom as koning opgevolg.

Ahasia regeer oor Juda

(Vgl. 2 Kron. 22:1-6)

²⁵In die twaalfde regeringsjaar van koning Joram van Israel, seun van Agab, het Ahasia seun van Joram koning van Juda geword.

²⁶Ahasia was twee en twintig toe hy koning geword het en hy het 'n jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Atalia 'n kleindogter van koning Omri van Israel.

²⁷Hy het die pad van die koningshuis van Agab geloop: hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here net soos die koningshuis van Agab, want hy het ingetrou in die familie van Agab.

²⁸Saam met Joram seun van Agab het hy opgeruk om te veg teen koning Gasael van Aram by Ramot in Gilead. Die Arameërs het vir Joram daar gewond.

²⁹Koning Joram het teruggegaan om in Jisreël te gaan herstel van die wonde wat die Arameërs hom in Ramot toegedien het toe hy teen koning Gasael van Aram geveg het. Koning Ahasia van Juda, seun van Joram, het vir Joram seun van Agab in Jisreël gaan besoek waar hy siek gelê het.

2 Konings 9

Jehu word gesalf tot koning oor Israel

¹Die profeet Elisa het een van die profete geroep en vir hom gesê: “Maak klaar en vat hierdie kruikie olie en gaan na Ramot in Gilead toe.

²As jy daar kom, gaan soek vir Jehu op, seun van Josafat seun van Nimsi. Gaan in, bring hom eenkant, weg van sy medeoffisiere af, in 'n binnekamer,

³vat die kruik olie en giet dit op sy kop uit. Sê dan vir hom: ‘So sê die Here: Ek salf jou tot koning van Israel.’ Maak dan die deur oop en vlug onmiddellik.”

⁴Die jongman, die profeet, het na Ramot in Gilead toe gegaan.

⁵Toe hy daar aankom, was die generaals besig met 'n samespreking. Hy het gesê: “Ek het 'n boodskap vir u, Generaal.” Jehu het gevra: “Vir wie van ons?” Hy het geantwoord: “Vir u, Generaal.”

⁶Jehu het opgestaan en toe hy in die ander vertrek inkom, het die profeet die olie op Jehu se kop uitgegiet met die woorde: “So sê die Here die God van Israel: Ek salf jou tot koning oor Israel, die volk van die Here.

⁷Jy sal die koningshuis van Agab vernietig. So sal Ek My wreek op Isebel oor die vergieting van die bloed van my dienaars die profete, oor die vergieting van die bloed van al die dienaars van die Here.

⁸Die hele koningshuis van Agab sal tot niet gaan. Ek sal elke manlike nakomeling van Agab in Israel sonder uitsondering uitroei.

⁹Ek sal met die huis van Agab maak soos met die huis van Jerobeam seun van Nebat, en soos met die huis van Baesa seun van Agija.

¹⁰Die honde sal vir Isebel opvreet op die oop stuk grond in Jisreël; sy sal nie begrawe word nie.” Die profeet het toe die deur oopgemaak en gevlug.

¹¹Toe Jehu uit die kamer uit terugkom by die amptenare van die koning, het hulle vir hom gevra: “Is alles reg? Hoekom het hierdie mal man na jou toe gekom?” Hy het hulle geantwoord: “Julle ken tog self die man en sy praatjies.”

¹²Hulle antwoord toe: “Onsin! Toe, vertel ons.” Hy het gesê: “Dit is wat die man vir my gesê het: So sê die Here: Ek salf jou tot koning oor Israel.”

¹³Onmiddellik het elkeen sy klere gevat en dit op die trappe voor Jehu oopgegooi. Hulle het die ramshoring geblaas en uitgeroep: “Jehu is koning!”

¹⁴⁻¹⁵Jehu seun van Josafat, seun van Nimsi, het met hulle saamgesweer teen koning Joram van Israel. Hy was toe in Jisreël waar hy gaan herstel het van die wonde wat die Arameërs hom toegedien het toe hy teen koning Gasaël van Aram geveg het. Dit het gebeur terwyl Joram en die Israeliete besig was om Ramot in Gilead te verdedig teen koning Gasaël van Aram. Jehu het gesê: “As julle aan my kant is, sorg dat niemand wegkom uit Ramot uit om die nuus in Jisreël te gaan vertel nie.”

¹⁶Daarna het Jehu op sy wa geklim en Jisreël toe gery waar Joram siek gelê het en koning Ahasia van Juda vir Joram gaan besoek het.

¹⁷Waar die wag op die toring in Jisreël gestaan het, het hy Jehu se aanhangers sien aankom. Hy het opgemerk: “Ek sien 'n klomp mense.” Toe sê Joram: “Beveel 'n ruiter om hulle tegemoet te ry en te vra of hulle in vrede kom.”

¹⁸Die perderuiter het Jehu tegemoet gegaan en gesê: “Die koning vra of jy in vrede kom.” Jehu het geantwoord: “Wat maak dit saak of ek in vrede kom? Sluit by my aan.” Die man het laat weet: “Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie.”

¹⁹Koning Joram stuur toe 'n tweede perderuiter. Toe hy by hulle kom, sê hy: “Die koning vra of jy in vrede kom? ” Jehu het geantwoord: “Wat maak dit saak of ek in vrede kom? Sluit by my aan.”

²⁰Die wag het laat weet: “Die boodskapper het tot by hulle gekom, maar hy kom nie terug nie. Die een wat die wa dryf, moet Jehu seun van Nimsi wees, want hy dryf soos 'n mal mens! ”

²¹Koning Joram van Israel het toe opdrag gegee: “Span die wa in.” Hulle het sy wa ingespan en hy het opgeklim. Koning Ahasia van Juda het op sy eie wa geklim. Hulle het na Jehu toe gery en by hom gekom by die stuk grond van Nabot die Jisreëliet.

²²Toe Joram vir Jehu sien, vra hy: “Kom jy in vrede, Jehu? ” Maar hy antwoord: “Wat? Vrede? Met al hierdie hoerery en toordery van jou ma Isebel se afgodsdiens? ”

²³Toe Joram die wa ompluk om te vlug, skree hy vir Ahasia: “Verraad, Ahasia! ”

²⁴Jehu het sy boog gespan en Joram tussen die blaaië getref. Die pyl is deur sy hart; daar op sy wa het hy inmekaargesak.

²⁵Jehu het sy adjudant Bidkar beveel: “Tel hom op en gooi hom op die stuk grond van Nabot die Jisreëliet. Onthou jy toe ek en jy langs mekaar agter sy pa Agab aangery het hoe die Here hierdie oordeel oor hom aangekondig het?

²⁶Die Here het toe gesê: ‘So seker as Ek die vergieting van die bloed van Nabot en van sy seuns gister gesien het, sal Ek jou daarvoor vergelding laat doen op hierdie selfde stuk grond.’ Vat hom nou en gooi hom op dié stuk grond, net soos die Here gesê het.”

²⁷Toe koning Ahasia van Juda sien wat gebeur, het hy in die rigting van Bet-Gan gevlug. Jehu het hom agtervolg en opdrag gegee: “Skiet hom ook! ” Op die hoogte van Gur, by Jibleam, het hulle hom op sy wa raakgeskiet. Hy het nog tot by Megiddo gevlug, maar daar het hy gesterf.

²⁸Sy dienaars het hom op sy wa na Jerusalem toe vervoer en hom daar in die Dawidstad in die familiegraf begrawe.

²⁹In die elfde regeringsjaar van Joram seun van Agab het Ahasia koning geword oor Juda.

³⁰Isebel het gehoor dat Jehu na Jisreël toe op pad is. Sy het oogverf aangesmeer en haar hare mooi gemaak. Sy het by die venster gaan staan en uitkyk.

³¹Toe Jehu by die poort inkom, het sy vir hom gesê: “Kom jy in vrede, Simri, koningsmoordenaar? ”

³²Jehu het na die venster toe opgekyk en gevra: “Wie is aan my kant? Wie? ” Twee, drie paleisamptenare het afgekyk na hom toe.

³³Hy het beveel: “Gooi haar af! ” Toe gooi hulle haar af. Van haar bloed het teen die muur en teen die perde gespat, en hulle het haar doodgetrap.

³⁴Hy het in die paleis ingegaan en gaan eet en drink. Daarna het hy gesê: “Sien tog maar om na hierdie vervloekte vrou. Begrawe haar, sy is darem 'n koning se dogter.”

³⁵Hulle is weg om haar te gaan begrawe, maar hulle kon net die kopbeen, die voete en die hande kry.

³⁶Toe hulle dit aan Jehu kom rapporteer, het hy gesê: “Dit is die woord van die Here wat deur sy dienaar Elia die Tisbiet gekom het: ‘Op die oop stuk grond in Jisreël sal die honde die vleis van Isebel opvreet.’

³⁷Op die oop stuk grond in Jisreël sal die lyk van Isebel wees soos mis in 'n land. Niemand sal kan sê dit is Isebel nie.”

2 Konings 10

Jehu laat al die prinse van Samaria doodmaak

¹In Samaria was daar sewentig prinse uit Agab se geslag. Jehu het briewe geskryf en dit na Samaria toe gestuur, na die regeerders van Jisreël, na die leiers en na die opvoeders van Agab se nakomelinge. Dit het so gelui:

²“As julle hierdie brief kry — julle het daar by julle die prinse, die strydwaens en perde, 'n versterkte stad en wapentuig —

³soek dan die beste en knapste prins uit en sit hom op die troon van sy pa. Maar julle sal moet veg vir julle koningshuis.”

⁴Hulle het bang geword, want hulle het gedink: twee konings moes die onderspit teen hom delf, hoe sal ons ons kan handhaaf?

⁵Die amptenaar in beheer van die paleis en die een in beheer van die stad, die leiers en die opvoeders het vir Jehu laat weet: “Ons wil u onderdane wees. Ons wil niemand koning maak nie. Alles wat u aan ons opdra, sal ons uitvoer. Doen wat u goedvind.”

⁶Toe skryf hy vir hulle 'n tweede brief: “As julle ten gunste van my is en aan my gehoorsaam wil wees, bring die koppe van die prinse môre hierdie tyd na my toe in Jisreël.” Die sewentig prinse was elkeen tuis by 'n vooraanstaande persoon van die stad wat hulle moes grootmaak.

⁷Toe die brief by die leiers kom, het hulle die prinse gevat en al sewentig doodgemaak en hulle koppe in mandjies na Jehu toe in Jisreël gestuur.

⁸Die boodskapper het kom rapporteer: “Hulle het die koppe van die prinse gebring.” Jehu het gesê: “Sit hulle tot môreoggend in twee hope neer by die ingang van die poort.”

⁹Die volgende môre het hy uitgegaan, daar gaan staan, en vir al die mense daar gesê: “Julle is onskuldig. Dit is ek wat teen die koning saamgesweer en hom vermoor het, maar wie het al hierdie mense doodgemaak?

¹⁰Erken dan dat nie 'n enkele ding wat die Here oor die huis van Agab gesê het, on vervul sal bly nie. Die Here het alles gedoen wat Hy deur sy dienaar Elia gesê het.”

¹¹Jehu het almal doodgemaak wat nog van die koningshuis van Agab in Jisreël oor was: al die vooraanstaandes, vertrouelinge, selfs priesters; hy het nie een laat wegkom nie.

¹²Jehu het klaargemaak en na Samaria toe vertrek. Langs die pad by Bet-Eked-Roïm

¹³het hy die broers van koning Ahasia van Juda teëgekom. “Wie is julle?” het hy gevra. “Ons is Ahasia se broers,” het hulle geantwoord, “ons gaan kyk hoe gaan dit met die prinse en die koning se ma.”

¹⁴Jehu het beveel: “Vang hulle.” Hulle het hulle gevang en hulle doodgemaak by die put van Bet-Eked, altesaam twee en veertig; hy het nie een van hulle laat oorbly nie.

¹⁵Toe hy daar weg is, kom hy vir Jonadab seun van Rekab op die pad teë. Nadat hy hom gegroet het, vra hy vir hom: “Kan ek op jou reken soos jy op my?” Jonadab het geantwoord: “Ja.” “As dit ja is,” sê Jehu, “gee my jou hand.” Hulle het mekaar die hand gegee en Jehu het hom by hom op die wa laat klim.

¹⁶Jehu het gesê: “Kom saam met my, dan sal jy my ywer vir die Here sien.” Jehu het hom saam met hom laat ry,

¹⁷en toe Jehu in Samaria kom, het hy almal van Agab wat nog in Samaria oor was, doodgemaak; hy het tot die laaste een toe om die lewe gebring, soos die Here vir Elia gesê het.

Jehu laat die profete van Baäl doodmaak

¹⁸Jehu het die hele volk bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Agab het vir Baäl maar net 'n bietjie gedien, maar ek wat Jehu is, gaan hom baie meer dien.

¹⁹Roep nou al die profete van Baäl na my toe, al sy vereerders en al sy priesters. Nie een mag wegbly nie, want ek wil 'n groot offer aan Baäl bring. Nie een wat

wegbly, sal bly leef nie.” Jehu het dit met lis beplan om die vereerders van Baäl te kan vernietig.

²⁰Jehu het beveel: “Sonder vir Baäl 'n feesdag af.” So 'n feesdag is uitgeroep,

²¹en Jehu het oral in Israel boodskappers gestuur, sodat al die vereerders van Baäl gekom het; daar was nie 'n enkele wat nie gekom het nie. Hulle het in die tempel van Baäl ingegaan, sodat die tempel naderhand van hoek tot kant vol was.

²²Aan die persoon wat oor die klerekamer toesig gehou het, het hy gesê: “Bring klere vir al die vereerders van Baäl.” Hy het vir hulle die klere gebring.

²³Jehu en Jonadab seun van Rekab het saam in die tempel van Baäl ingegaan, en Jehu het vir die vereerders van Baäl gesê: “Sorg dat hier nie vereerders van die Here saam met julle is nie; net die vereerders van Baäl moet hier wees.”

²⁴Toe hulle ingaan om die brandoffers en ander diereoffers te bring, was daar buite tagtig man wat deur Jehu opgestel is met die bevel: “Die persoon wat een van die manne wat ek in julle mag gee, laat wegkom, sal met sy eie lewe daarvoor boet.”

²⁵Net toe Jehu klaar die brandoffer gebring het, het hy vir die hardlopers en die adjudante gesê: “Gaan in en maak hulle dood. Niemand mag daar uitkom nie.” Hulle het hulle doodgesteek en die liggame uitgegooi. Hulle het in die binneste heiligdom van die Baälstempel ingedring,

²⁶die klippilaar uit die Baälstempel uitgebring en dit in die vuur gegooi.

²⁷Hulle het die klippilaar stukkend geslaan en die tempel van Baäl afgebreek en daarvan kleinhuisies gebou, wat dit vandag nog is.

²⁸So het Jehu die Baäldiens uit Israel verdelg.

Beoordeling van Jehu se bewind

²⁹Jehu het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie: die goue kalwers wat in Bet-El en in Dan was, is nog vereer.

³⁰Die Here het vir Jehu gesê: “Omdat jy gedoen het wat goed en reg is in my oë en jy die huis van Agab alles aangedoen het wat Ek My voorgeneem het, sal jou kinders tot in die vierde geslag op die troon van Israel sit.”

³¹Maar Jehu het nie met sy hele hart die woord van die Here die God van Israel gehoorsaam nie. Hy het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam vir Israel laat doen het nie.

³²In daardie tyd het die Here begin om die gebied van Israel kleiner te maak. Oral in die grondgebied van Israel het Gasael hulle neerlae toegedien:

³³van die Jordaan af ooswaarts, die hele Gilead waar die stamme Gad, Ruben en Manasse gewoon het, van Aroër af aan die Arnonrivier, Gilead sowel as Basan.

³⁴Die ander verhale oor Jehu en alles wat hy gedoen het, al sy dapper daade, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

³⁵Jehu is oorlede, en hulle het hom begrawe in Samaria. Sy seun Joahas het hom as koning opgevolg.

³⁶Jehu het ag en twintig jaar in Samaria as koning oor Israel geregeer.

2 Konings 11

Joas word koning oor Juda

(Vgl. 2 Kron. 22:10 -- 24:3)

¹Toe Ahasia se ma Atalia hoor haar seun is dood het sy begin om die hele koningsgeslag uit te roei.

²Jehoseba, dogter van koning Joram en suster van Ahasia, het egter vir Joas, 'n seun van Ahasia, stilletjies weggevat tussen die prinse wat doodgemaak sou word. Sy het hom en sy oppasster in 'n slaapkamer weggesteek vir Atalia, sodat hy die dood vrygespring het.

³Hy is ses jaar by Jehoseba in die huis van die Here weggesteek, en in dié tyd het Atalia die land geregeer.

⁴In die sewende jaar het die priester Jojada boodskappe gestuur na die Kariërs se bevelhebbers oor honderd en na dié van die hardlopers, en hulle na hom toe

in die huis van die Here laat kom. Daar het hy met hulle 'n verbond gesluit. Nadat hy hulle in die huis van die Here 'n eed laat aflê het, het hy hulle die koning se seun gewys.

⁵Hy het hulle beveel: “'n Derde van julle, van dié wat op die sabbat kom diens doen, moet wagstaan by die wagpos van die paleis.

⁶'n Derde moet by die Surpoort en 'n derde by die poort agter die hardlopers wagstaan. Julle moet om die beurt by die tempel wagstaan.

⁷Die twee afdelings van julle wat op die sabbat van diens af gaan, moet die koning in die huis van die Here bewaak.

⁸Julle moet rondom die koning wees, elkeen met sy wapens in die hand. Enigeen wat in julle geledere probeer inkom, moet doodgemaak word. Bly by die koning oral waar hy gaan.”

⁹Die bevelhebbers oor honderd het alles gedoen wat die priester Jojada beveel het. Elkeen het sy manskappe gevat, dié wat op die sabbat diens moes doen, sowel as dié wat klaar was met hulle diens, en na die priester Jojada toe gekom.

¹⁰Daarna het die priester die spiese en die skilde wat nog aan koning Dawid behoort het en in die tempel was, aan die bevelvoerders uitgedeel.

¹¹Die hardlopers het elkeen met sy wapen in die hand om die koning gaan staan, naby die altaar en die tempel, van die suidekant tot by die noordekant van die tempel.

¹²Toe het Jojada die jong koning vorentoe laat kom, hom gekroon en die koninklike volmag aan hom oorhandig. So het hulle hom koning gemaak. Hulle het hom gesalf, hande geklap en geroep: “Lank lewe die koning!”

¹³Atalia het die uitroepe van die hardlopers en die volk gehoor en het ook na die huis van die Here toe gegaan waar die volk bymekaar was.

¹⁴Daar sien sy toe die koning op sy plek staan soos die gebruik was, met die volksleiers en trompetblasers by hom en al die burgers van die land wat juig

en trompette blaas. Toe skeur Atalia haar klere en skreeu: “Verraad, verraad!”

¹⁵Die priester Jojada beveel toe die bevelhebbers oor honderd wat in beheer van die manskappe was: “Bring haar tussen julle uit en maak elkeen dood wat agter haar aankom.” Die priester het gesê: “Sy mag nie in die huis van die Here doodgemaak word nie.”

¹⁶Hulle het haar gegryp en haar deur die Perdepoort na die paleis toe gevat en haar daar doodgemaak.

¹⁷Toe het Jojada 'n verbond gesluit tussen die Here, die koning en die volk, dat hulle die volk van die Here sou wees. Hy het ook tussen die koning en die volk 'n verbond tot stand laat kom.

¹⁸Daarna het al die burgers van die land na die Baälstempel toe gegaan en dit verwoes. Hulle het die altare en die beelde stukkend geslaan en vir Mattan, die Baälpriester, by die altare doodgeslaan. Die priester Jojada het opsigters oor die huis van die Here aangestel.

¹⁹Hy het die bevelhebbers oor honderd, die Kariërs, die hardlopers en al die burgers van die land geneem om die koning van die huis van die Here af deur die Hardloperspoort na die paleis toe te bring. Daar het die koning op die troon gaan sit.

²⁰Al die burgers van die land was bly. Die stad was weer rustig. Hulle het vir Atalia in die paleis doodgemaak.

²¹Joas was sewe jaar toe hy koning geword het.

2 Konings 12

¹In die sewende regeringsjaar van Jehu het Joas koning geword, en hy het veertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Sibja, uit Berseba.

²Al die jare wat die priester Jojada sy leermeester was, het hy gedoen wat reg is in die oë van die Here.

³Hy het net nie die hoogtes verwyder nie. Die volk het voortgegaan om daar diereoffers en wierookoffers te bring.

Joas laat die tempel herstel

(Vgl. 2 Kron. 24:4-16)

⁴Joas het vir die priesters gesê: “Neem al die geld wat as gewyde gawes na die huis van die Here toe gebring word: die geld wat gekollekteer word, dié waarvoor elkeen persoonlik aangeslaan word en dié wat as vrywillige gawes na die huis van die Here toe gebring word.

⁵Die priesters moet die geld in ontvangs neem by dié wat dit bring, en die tempel daarmee herstel, oral waar daar bouvallige plekke is.”

⁶In die drie en twintigste regeringsjaar van koning Joas het die priesters die bouvallige plekke in die tempel nog steeds nie herstel gehad nie.

⁷Toe het koning Joas vir Jojada en die ander priesters ingeroep en vir hulle gevra: “Waarom herstel julle nie die bouvallige plekke in die tempel nie? Julle moenie geld aanvaar van dié wat dit bring, as julle nie daarmee vir die herstel van die bouvallige plekke betaal nie.”

⁸Die priesters het toe onderneem om nie langer geld van die volk te aanvaar solank hulle nie die bouvallige plekke herstel nie.

⁹Die priester Jojada het 'n kis gevat, 'n gat in die deksel geboor en dit langs die altaar neergesit, regs van waar 'n mens die huis van die Here binnekom. Die priesters wat by die drumpel wag gestaan het, het al die geld wat na die huis van die Here toe gebring is, daarin gegooi.

¹⁰Toe hulle sien dat daar baie geld in die kis is, het die sekretaris van die koning saam met die hoëpriester na die tempel toe gegaan en die geld wat in die huis van die Here was, in 'n sak gesit en gaan tel.

¹¹Hulle het die afgetelde geld oorbetaal aan die werksvoormanne wat vir die huis van die Here aangestel is. Dié het dit oorbetaal aan die skrynwerkers en bouers wat die werk aan die huis van die Here moes uitvoer,

¹²so ook aan die messelaars en die klipkappers, om hout en gekapte klip te koop om die herstelwerk aan die huis van die Here te doen, kortom, om alle uitgawes aan die herstel van die tempel te dek.

¹³Daar is geen silwerbakke, skêre, komme of trompette gemaak vir die huis van die Here nie; geen silwer- of goue gereedskap is gemaak van die geld wat na die huis van die Here toe gebring is nie.

¹⁴Dit moes aan die voormanne gegee word om die huis van die Here te herstel.

¹⁵Hulle het nie die manne laat boekhou van die geld wat hulle aan hulle betaal het nie. Dit is aan die voormanne gegee wat die werk eerlik uitgevoer het.

¹⁶Die geld vir skuldoffers en sondeoffers is nie in die huis van die Here gebring nie; dit was vir die priesters bestem.

Die Arameërs trek op teen Jerusalem

¹⁷Destyds het koning Gasael van Aram na Gat toe opgeruk, dit aangeval en ingeneem. Hierna het hy na Jerusalem toe koers gekies om dit te gaan aanval.

¹⁸Koning Joas van Juda het al die gewyde gawes wat deur sy voorvaders Josafat, Joram en Ahasia, konings van Juda, gebring is, gevat en aan koning Gasael van Aram gestuur saam met sy eie gewyde gawes en al die goud wat in die skatkamers van die huis van die Here en in die paleis te vinde was. Toe het Gasael van Jerusalem af teruggetrek.

Joas se dood

(Vgl. 2 Kron. 24:17-19)

¹⁹Die ander verhale oor Joas en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²⁰Sy amptenare het teen hom in opstand gekom en teen hom saamgesweer. Hulle het vir Joas doodgemaak by Bet-Millo waar 'n mens afgaan na Silla toe.

²¹Dit was sy amptenare Sabad seun van Simat en Josabad seun van Somer wat hom doodgemaak het. Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Amasia het hom as koning opgevolg.

2 Konings 13

Joahas koning van Israel

¹In die drie en twintigste regeringsjaar van koning Joas van Juda, seun van Ahasia, het Joahas seun van Jehu in Samaria koning oor Israel geword. Hy het sewentien jaar geregeer,

²en gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het dieselfde sonde gedoen as wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het. Daarvan het hy nie afgewyk nie.

³Daarom het die Here toornig geword op Israel en hulle gedurende die regering van Joahas oorgegee in die mag van koning Gasaël van Aram en in die mag van Ben-Hadad seun van Gasaël.

⁴Joahas het die Here om genade gesmeek. Die Here het sy gebed verhoor, want die Here het opgemerk hoe wreed die koning van Aram hulle onderdruk het.

⁵Die Here het aan Israel 'n redder gegee sodat hulle bevry kon word uit die mag van Aram, en sodat die Israeliete weer soos vroeër in hulle eie huise kon woon.

⁶Ten spyte hiervan het hulle nie afgesien van die sonde wat die koningshuis van Jerobeam vir Israel laat doen het nie. Hulle het daarmee volhard. Selfs die Asjerabeeld het in Samaria bly staan.

⁷Koning Gasaël van Aram het die leer van Joahas vernietig en soos stof vertrap. Gasaël het vir Joahas geen manskappe laat oorbly nie, net vyftig ruiters, tien strydwaens en tien duisend voetsoldate.

⁸Die ander verhale oor Joahas en alles wat hy gedoen het, en oor sy dapperheid is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

⁹Joahas is oorlede, en hulle het hom begrawe in Samaria. Sy seun Joas het hom as koning opgevolg.

Joas word koning van Israel

¹⁰In die sewe en dertigste regeringsjaar van koning Joas van Juda het Joas seun van Joahas in Samaria oor Israel koning geword. Hy het sestien jaar geregeer

¹¹en gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het nie afgesien van enige van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie; hy het daarmee volhard.

¹²Die ander verhale oor Joas en alles wat hy gedoen het, die dapperheid waarmee hy teen koning Amasia van Juda geveg het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

¹³Toe Joas oorlede is, het Jerobeam op die troon gekom. Joas is in Samaria by die konings van Israel begrawe.

Die dood van Elisa

¹⁴Elisa het ernstig siek geword en op sterwe gelê. Koning Joas van Israel het hom gaan besoek en het oor hom gehuil en gesê: “My vader, my vader, u was vir Israel die strydwa met sy ruiters! ”

¹⁵Elisa sê toe vir hom: “Vat jou pyl en boog.” Die koning van Israel het dit gedoen, en toe

¹⁶sê Elisa vir hom: “Sit jou hand op die boog.” Die koning het sy hand op die boog gesit. Elisa het toe sy eie hande op die hande van die koning gesit

¹⁷en gesê: “Maak die venster aan die oostekant oop.” Die koning het dit oopgemaak, en Elisa het beveel: “Skiet! ” Toe skiet die koning, en Elisa sê: “'n Pyl van die Here se oorwinning, 'n pyl van oorwinning oor Aram! Jy sal Aram verpletterend verslaan in Afek.”

¹⁸Verder sê Elisa: “Vat nou die pyle.” Die koning het hulle gevat, en Elisa sê vir hom: “Slaan teen die grond.” Die koning het drie maal geslaan en opgehou.

¹⁹Die man van God het baie kwaad geword vir die koning en gesê: “Jy moes vyf of ses keer geslaan het, dan sou jy Aram heeltemal verslaan het, maar nou sal jy Aram net drie keer verslaan.”

²⁰Toe het Elisa gesterf, en hulle het hom begrawe. Moabitiese bendes het elke jaar die land binnegeval.

²¹Toe mense op 'n keer besig was om iemand te begrawe, sien hulle skielik so 'n bende. Hulle het die man se lyk in Elisa se graf gegooi. Toe die lyk aan Elisa se bene raak, het die man lewend geword en regop gaan staan.

Joas verslaan die Arameërs

²²Koning Gasael van Aram het Israel verdruk gedurende al die regeringsjare van Joahas.

²³Die Here was hulle genadig en het Hom oor hulle ontferm. Hy het Hom na hulle gewend ter wille van sy verbond met Abraham, Isak en Jakob. Hy wou hulle nie vernietig nie; Hy het hulle tot nou toe nie verwerp nie.

²⁴Koning Gasael van Aram is oorlede. Sy seun Ben-Hadad het hom as koning opgevolg.

²⁵Joas seun van Joahas het van Ben-Hadad seun van Gasael die stede teruggewen wat Ben-Hadad in die oorlog afgevat het van Joas se pa. Drie maal het Joas vir Ben-Hadad verslaan en Israel se stede herower.

2 Konings 14

Amasia word koning oor Juda

(Vgl. 2 Kron. 25:1-16)

¹In die tweede regeringsjaar van koning Joas van Israel, seun van Joahas, het Amasia seun van koning Joas van Juda op die troon gekom.

²Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jehoaddan, uit Jerusalem.

³Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie heeltemal soos sy voorvader Dawid gedoen het nie; hy het alles gedoen wat Joas, sy pa, gedoen het.

⁴Hy het net nie van die hoogtes ontslae geraak nie: die volk het nog diereoffers en wierookoffers gebring op die hoogtes.

⁵Nadat hy goed gevestig was in sy koningskap, het hy die amptenare laat doodmaak deur wie sy pa, die koning, vermoor is.

⁶Hy het nie die kinders van die moordenaars ook laat doodmaak nie, soos dit op bevel van die Here geskrywe staan in die wetboek van Moses: “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.”

⁷Hy het tien duisend Edomiete in die Soutvlakte verslaan en Sela in die oorlog verower en dit Jokteël genoem, soos dit vandag nog bekend staan.

Amasia maak oorlog teen Joas van Israel

(Vgl. 2 Kron. 25:17-24)

⁸Amasia het 'n boodskap gestuur na koning Joas van Israel, seun van Joahas, seun van Jehu: “Kom ons veg teen mekaar.”

⁹Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda terug laat weet: “Die doringbos op die Libanon laat weet vir die seder op die Libanon: ‘Laat jou dogter met my seun trou,’ en toe kom die wilde diere van die Libanon verby en trap die doringbos plat.

¹⁰Noudat jy Edom 'n groot neerlaag toegedien het, soek jy meer roem. Bly liewer by die huis. Waarom wil jy jou in die ongeluk stort en tot 'n val kom, jy en Juda saam met jou? ”

¹¹Koning Amasia van Juda het nie geluister nie. Hy het teen koning Joas van Israel opgetrek en in Bet-Semes in Juda het hulle slaags geraak.

¹²Juda het 'n neerlaag gely teen Israel, en die manskappe het op die vlug geslaan, elkeen na sy huis toe.

¹³Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda, seun van Joas seun van Ahasia, gevange geneem in Bet-Semes. Toe Joas in Jerusalem kom, het hy 'n stuk muur van Jerusalem laat afbreek van die Efraimspoort af tot by die Hoekpoort, honderd en tagtig meter.

¹⁴Hy het al die goud en silwer gevat en al die ander goed wat hy in die huis van die Here en in die skatkamers van die paleis kon kry, en dit saam met gyselaars na Samaria toe gebring.

¹⁵Die ander verhale oor Joas en wat hy gedoen het, sy dapperheid en hoe hy teen koning Amasia van Juda geveg het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

¹⁶Joas is oorlede, en hy is begrawe in Samaria by die ander konings van Israel. Sy seun Jerobeam het hom as koning opgevolg.

Die dood van Amasia

(Vgl. 2 Kron. 25:25-28)

¹⁷Koning Amasia van Juda, seun van Joas, het ná die dood van koning Joas van Israel, seun van Joahas, nog vyftien jaar geleef.

¹⁸Die ander verhale oor Amasia is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

¹⁹Toe hulle in Jerusalem teen hom saamgesweer het, het hy na Lakis toe gevlug, maar hulle het mense agter hom aan gestuur daarheen, en hulle het hom daar doodgemaak.

²⁰Hulle het sy lyk met perde teruggebring, en hy is begrawe in sy familiegraf in die Dawidstad.

²¹Die hele Judese volk het vir Asarja gevat en hom in die plek van Amasia, sy pa, koning gemaak. Hy was toe sestien jaar oud

²²en het Elat herbou en onder die gesag van Juda teruggebring nadat die koning van daardie gebied dood is.

Koning Jerobeam die Tweede van Israel

²³In die vyftiende regeringsjaar van koning Amasia van Juda, seun van Joas, het Jerobeam seun van koning Joas van Israel op die troon gekom. Hy het een en veertig jaar in Samaria oor Israel geregeer

²⁴en gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here. Hy het nie afgesien van enige van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie.

²⁵Hy het die grense van Israel herstel, van Lebo-Hamat af tot by die see in die Jordaanvallei. Dit was in ooreenstemming met wat die Here die God van Israel gesê het deur sy dienaar Jona seun van Amittai, die profeet uit Gat-Gefer.

²⁶Die Here het die bittere ellende van Israel raakgesien: Israel was volkome weerloos en sonder enige helper.

²⁷Die Here het nie gesê dat Hy die naam van Israel onder die hemel sou uitwis nie, daarom het Hy hulle deur Jerobeam seun van Joas gered.

²⁸Die ander verhale oor Jerobeam en alles wat hy gedoen het, oor hoe dapper hy geveg het en hoe hy Damaskus en Hamat weer onder die gesag van Israel gebring het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

²⁹Jerobeam is oorlede, en sy seun Sagaria het hom as koning opgevolg.

2 Konings 15

Asarja koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 26:1-23)

¹In die sewe en twintigste regeringsjaar van koning Jerobeam van Israel het Asarja, seun van koning Amasia van Juda, op die troon gekom.

²Hy was sestien toe hy koning geword het en hy het twee en vyftig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jekolja, uit Jerusalem.

³Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy pa gevolg.

⁴Hy het net nie van die hoogtes ontslae geraak nie. Die volk het nog op die hoogtes diereoffers en wierookoffers gebring.

⁵Die Here het die koning met melaatsheid getref. Hy was melaats tot die dag van sy dood en het in 'n plek van afsondering gewoon. Sy seun Jotam het die paleis bestuur en oor die hele land geregeer.

⁶Die ander verhale oor Asarja, oor alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

⁷Asarja is oorlede, en hulle het hom begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Jotam het hom as koning opgevolg.

Sagaria koning van Israel

⁸In die ag en dertigste regeringsjaar van koning Asarja van Juda het Sagaria seun van Jerobeam oor Israel koning geword en ses maande in Samaria geregeer.

⁹Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here soos sy voorvaders. Hy het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie.

¹⁰Sallum seun van Jabes het teen hom saamgesweer, hom voor die oë van die volk aangeval en doodgemaak en hom toe as koning opgevolg.

¹¹Die ander verhale oor Sagaria is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

¹²Daar was 'n uitspraak van die Here waarin Hy vir Jehu gesê het: “Jy sal seuns hê tot in die vierde geslag wat op die troon van Israel sal sit.” So het dit ook gebeur.

Sallum koning van Israel

¹³Sallum seun van Jabes het koning geword in die nege en dertigste jaar van koning Ussia van Juda. Hy het 'n maand en 'n paar dae in Samaria geregeer.

¹⁴Menahem seun van Gadi het uit Tirsag getrek en in Samaria gekom, en hy het vir Sallum seun van Jabes in Samaria aangeval, hom doodgemaak en hom as koning opgevolg.

¹⁵Die ander verhale oor Sallum en die sameswering wat hy gesmee het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

¹⁶Destyds het Menahem vir Tirsag aangeval. Omdat hulle nie die poorte vir hom wou oopmaak nie, het hy al die inwoners van die stad en almal uit die omgewing van Tirsag doodgemaak. Hy het al die swanger vrouens laat oopsny.

Menahem koning van Israel

¹⁷In die nege en dertigste regeringsjaar van koning Asarja van Juda het Menahem seun van Gadi koning oor Israel geword en hy het tien jaar in Samaria geregeer.

¹⁸Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here: hy het vir die volle duur van sy regering nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie.

¹⁹Toe koning Pul van Assirië teen die land opgeruk het, het Menahem vier en dertig ton silwer betaal. Pul sou hom dan ondersteun in die handhawing van sy koningskap.

²⁰Menahem het elke burger in Israel 'n heffing opgelê om die koning van Assirië te kan betaal: vyf honderd en sewentig gram silwer per man. Toe het die koning van Assirië sy leer uit die land onttrek en teruggegaan.

²¹Die ander verhale oor Menahem en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

²²Menahem is oorlede en sy seun Pekahia het hom as koning opgevolg.

Pekahia koning van Israel

²³In die vyftigste regeringsjaar van koning Asarja van Juda het Pekahia seun van Menahem koning oor Israel geword en hy het twee jaar in Samaria geregeer.

²⁴Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here; hy het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie.

²⁵Sy adjutant, Peka seun van Remalja, het teen hom saamgesweer en hom aangeval in die toring van die paleis in Samaria. Met die hulp van vyftig man uit Gilead het Peka vir Argob, Arje en die koning doodgemaak en hom as koning opgevolg.

²⁶Die ander verhale oor Pekahia en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

Peka koning van Israel

²⁷In die twee en vyftigste regeringsjaar van koning Asarja van Juda het Peka seun van Remalja koning oor Israel geword en hy het twintig jaar in Samaria geregeer.

²⁸Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here: hy het nie afgesien van die sondes wat Jerobeam seun van Nebat vir Israel laat doen het nie.

²⁹Tydens die regering van koning Peka van Israel het koning Tiglat-Pileser van Assirië die land ingeval. Hy het Ijon, Abel-Bet-Maäka, Janoag, Kedes, Hasor, Gilead en Galilea, die hele land Naftali, ingeneem en die inwoners het hy na Assirië toe weggevoer.

³⁰Hosea seun van Ela het teen Peka seun van Remalja saamgesweer, hom aangeval en doodgemaak en hom as koning opgevolg in die twintigste regeringsjaar van Jotam seun van Ussia.

³¹Die ander verhale oor Peka en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Israel.

Jotam koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 27:1-9)

³²In die tweede regeringsjaar van koning Peka van Israel, seun van Remalja, het Jotam seun van koning Ussia van Juda op die troon gekom.

³³Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het sestien jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jerusa, 'n dogter van Sadok.

³⁴Jotam het gedoen wat reg is in die oë van die Here en hy het in alles die voorbeeld van sy pa gevolg.

³⁵Die volk het egter nie afgesien van die hoogtes nie: hulle het nog diereoffers en wierookoffers op die hoogtes gebring. Jotam het die boonste poort van die huis van die Here laat bou.

³⁶Die ander verhale oor Jotam en wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

³⁷In daardie tyd het die Here vir die eerste keer vir koning Resin van Aram en vir Peka seun van Remalja gestuur om Juda aan te val.

³⁸Jotam is oorlede, en hy is in die familiegraf by sy voorvaders begrawe in die Dawidstad. Sy seun Agas het hom as koning opgevolg.

2 Konings 16

Agas koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 28:1-27)

- ¹In die sewentiende regeringsjaar van Peka seun van Remalja het Agas seun van koning Jotam van Juda op die troon gekom.
- ²Agas was twintig toe hy koning geword het en hy het sestien jaar in Jerusalem geregeer. Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die Here sy God soos sy voorvader Dawid nie.
- ³Hy het die pad geloop van die konings van Israel. Hy het selfs sy seun verbrand volgens die afskuwelike gebruike van die heidennasies wat deur die Here voor die Israeliete uit verdryf is.
- ⁴Hy het diereoffers en wierookoffers gebring op die hoogtes en op die rante en onder elke groen boom.
- ⁵Destyds het koning Resin van Aram en koning Peka van Israel, seun van Remalja, opgetrek om teen Jerusalem te veg. Hoewel hulle vir Agas beleër het, kon hulle nie 'n geveg afdwing nie.
- ⁶In daardie tyd het koning Resin van Aram die stad Elat vir Aram herower en die Judeërs daaruit verdryf. Arameërs het in Elat ingetrek en woon tot vandag toe daar.
- ⁷Toe stuur Agas 'n boodskap na koning Tiglat-Pileser van Assirië: “Ek is u onderdaan en seun. Ruk op en bevry my uit die mag van die koning van Aram en van die koning van Israel, hulle val my aan.”
- ⁸Agas het die silwer en die goud wat in die huis van die Here en in die skatkamers van die paleis was, gevat en as geskenk aan die koning van Assirië gestuur.
- ⁹Die koning van Assirië het aan sy versoek voldoen en teen Damaskus opgetrek. Hy het die stad verower en die bevolking na Kir toe weggevoer; vir Resin het hy doodgemaak.
- ¹⁰Koning Agas het hierna Damaskus toe gegaan om vir koning Tiglat-Pileser van Assirië te ontmoet. Nadat Agas 'n altaar gesien het wat daar in Damaskus

gestaan het, het hy aan die priester Urija 'n afbeelding en 'n model daarvan gestuur om dit getrou na te maak.

¹¹Die priester Urija het die altaar gebou in ooreenstemming met koning Agas se aanwysings uit Damaskus. Die priester Urija het dit presies so gemaak nog voordat die koning uit Damaskus aangekom het.

¹²Toe die koning van Damaskus af kom en die altaar sien, het hy nader gegaan en op die altaar geklim.

¹³Hy het sy brandoffer en sy graanoffer gebring, sy drankoffer uitgegiet en die bloed van die maaltydoffers ten behoeve van homself teen die altaar uitgegooi.

¹⁴Die bronsaltaar ter ere van die Here het hy van die voorkant van die tempel af, tussen die altaar en die huis van die Here uit, verskuif na die noordekant van die altaar toe.

¹⁵Koning Agas het die priester Urija beveel: “Steek die oggendbrandoffer en die aandgraanoffer aan die brand op die groot altaar en ook die koning se brandoffer en graanoffer, die brandoffer van die landsburgers, hulle graanoffers en hulle drankoffers. Die bloed van elke brandoffer en van elke ander diereoffer moet julle teen die groot altaar uitgiet. Die bronsaltaar sal myne bly om die wil van God te wete te kom.”

¹⁶Die priester Urija het alles gedoen wat koning Agas hom beveel het.

¹⁷Koning Agas het die sluitplate van die waentjies verwyder en die waskomme van hulle af geneem en die waterbak het hy opgelig van die beeste af wat van brons gemaak is, en op 'n klipvloer gesit.

¹⁸Die oordekte gang vir die sabbat wat hulle by die tempel gebou het, en die buitenste ingang vir die koning het hy ter wille van die koning van Assirië van die huis van die Here af verwyder.

¹⁹Die ander verhale oor Agas en wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²⁰Agas is oorlede, en hy is begrawe by sy voorvaders in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Hiskia het hom as koning opgevolg.

2 Konings 17

Hosea koning van Israel

¹In die twaalfde regeringsjaar van koning Agas van Juda het Hosea seun van Ela koning geword en hy het nege jaar in Samaria oor Israel geregeer.

²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, maar hy was nie so erg soos die konings van Israel voor hom nie.

³Toe koning Salmaneser van Assirië teen hom opgeruk het, het hy hom aan die koning van Assirië onderwerp en aan hom belasting betaal.

⁴Die koning van Assirië het uitgevind dat Hosea teen hom saamsweer deurdát hy gesante na koning So van Egipte gestuur het en nie die jaarlikse belasting aan die koning van Assirië betaal het nie. Daarom het hy vir Hosea laat vang en hom in die tronk opgesluit,

⁵die hele land binnegeval en opgeruk na Samaria toe wat hy drie jaar lank beleër het.

⁶In die negende regeringsjaar van Hosea het die koning van Assirië Samaria ingeneem en het hy die Israeliete na Assirië toe weggevoer. Sommige het hy in die stad Galag gevestig, ander aan die Gaborrivier in Gosan, en in die stede van Medië.

Die rede vir die ballingskap

⁷Dit het gebeur omdat die Israeliete gesondig het teen die Here hulle God wat hulle uit Egipte laat wegtrek het, onder die mag uit van die farao, koning van Egipte. Maar hulle het ander gode vereer

⁸en geleef volgens die gebruike van die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak, gebruike wat deur die konings van Israel nagevolg is.

⁹Die Israeliete het die Here hulle God dinge toegedig wat nie waar is nie en toe vir hulle hoogtes gebou oral waar hulle gewoon het, van plekke af waar net 'n wagtoring was, tot in die vestingstede.

¹⁰Hulle het klippilare en gewyde pale opgerig op elke hoë rant en onder elke groen boom.

¹¹Op elke hoogte het hulle wierookoffers gebring net soos die nasies wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak. Met die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, het hulle die Here uitgetart.

¹²Hulle het die stinkende afgode gedien wat die Here hulle uitdruklik verbied het.

¹³Die Here het Israel en Juda deur elke profeet en siener gewaarsku: “Bekeer julle van julle verkeerde paaie. Kom my gebooie en voorskrifte na volgens die hele wet wat Ek julle voorvaders beveel het, wat Ek deur my dienaars die profete aan julle gegee het.”

¹⁴Maar hulle wou nie luister nie; hulle was net so hardkoppig soos hulle voorvaders wat ook nie op die Here hulle God vertrou het nie.

¹⁵Hulle het sy voorskrifte en sy verbond verwerp wat Hy met hulle voorvaders gemaak het. Sy waarskuwings het hulle in die wind geslaan, hulle het agter afgode aangeloop wat niks is nie en so het hulle self niks geword. Hulle het geleef net soos die heidennasies om hulle, iets wat die Here hulle beveel het om nie te doen nie.

¹⁶Al die gebooie van die Here hulle God het hulle links laat lê: hulle het twee kalwerbeelde laat giet, 'n Asjerabeeld gemaak, voor elke hemelliggaam gebuig en vir Baäl gedien.

¹⁷Die volk het hulle seuns en dogters as offers laat verbrand en hulleself besig gehou met waarsêery en toekomsvoorspelling. Met volkome oorgawe het hulle gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en Hom uitgetart.

¹⁸Die Here het so toornig op Israel geword dat Hy hulle verwerp het. Net die stam Juda het oorgebly.

¹⁹Maar ook Juda het die gebooie van die Here hulle God nie gehou nie: hulle het die praktyke van Israel nagevolg.

²⁰Daarom het die Here die hele nageslag van die aartsvader Israel verwerp. Die Here het hulle verdruk deur hulle oor te gee in die mag van plunderaars totdat Hy hulle finaal verwerp het.

²¹Hy het Israel afgeskeur van die koningshuis van Dawid, sodat hulle Jerobeam seun van Nebat koning maak het. Jerobeam het Israel van die Here losgemaak en hulle tot vreeslike sondes verlei.

²²Die Israeliete het volhard in al die sondes wat Jerobeam gedoen het; hulle het dit nie laat vaar nie.

²³Uiteindelik het die Here hulle laat vaar soos Hy hulle deur al sy dienaars, die profete, gewaarsku het. Hy het Israel uit sy land na Assirië toe laat wegvoer, waar hulle vandag nog is.

Immigrante in Israel

²⁴Die koning van Assirië het inwoners van Babel, Kuta, Awwa, Hamat en Sefarwajim af gebring, en hulle in die stede van Samaria gevestig in die plek van die Israeliete. Hierdie mense het Samaria oorgeneem en in die stede daar gaan woon.

²⁵Aan die begin van hulle verblyf het hulle die Here nie vereer nie, daarom het die Here lees op hulle losgelaat wat onder hulle gemaai het.

²⁶Toe is die koning van Assirië meegedeel: “Die nasies wat deur u weggevoer en in die stede van Samaria gevestig is, weet nie hoe hulle die God van die land moet vereer nie. Nou het Hy lees op hulle losgelaat wat hulle doodgemaak het. Dit het gebeur net omdat hulle nie presies weet watter verering hulle aan die God van die land verskuldig is nie.”

²⁷Toe het die koning van Assirië opdrag gegee dat hulle een van die priesters wat uit Israel weggevoer is, soontoe moet bring. Hy het soontoe gegaan en daar gaan woon om hulle die regte verering van die God van die land te leer.

²⁸So het een van die priesters wat uit Samaria weggevoer is, teruggekom en in Bet-El gaan bly, en hy het hulle geleer hoe hulle die Here moet vereer.

²⁹Tog het elke nasie nog maar sy eie afgodsbeelde gemaak en dit gaan neersit in die tempels op die hoogtes wat deur die mense van Samaria gebou is, elke nasie in die stede waar hy gewoon het.

³⁰Die mense van Babel het vir Sukkot-Benot gemaak, die mense van Kuta vir Nergal, die mense van Hamat vir Asima,

³¹die Awwiete vir Nibgas en Tartak. Die Sefarwajiete het hulle seuns verbrand ter ere van Adrammelek en Anammelek, die gode van Sefarwajim.

³²Terselfdertyd het hulle die Here vereer en uit hulle eie geledere priesters vir die hoogtes aangewys om vir hulle diens te doen in die heiligdomme op die hoogtes.

³³Hulle het die Here vereer en ook hulle eie gode gedien volgens die gebruik van die heidennasies waaruit hulle weggevoer is.

³⁴Tot vandag toe handhaaf hulle hulle vroeëre gebruike: hulle handel nie presies volgens die voorskrifte, die bepalings, die wet en die gebod wat die Here opgedra het aan die kinders van Jakob nie, dié Jakob aan wie Hy die naam Israel gegee het.

³⁵Dit was met hulle dat die Here 'n verbond gesluit het, vir wie Hy beveel het: “Moenie ander gode vereer nie, moenie voor hulle buig nie, moet hulle nie dien of offers vir hulle bring nie.

³⁶Nee, net die Here wat julle uit Egipte laat trek het deur sy groot mag en krag, moet julle vereer; voor Hom moet julle buig en vir Hom offers bring.

³⁷Julle moet altyd lewe volgens die voorskrifte, die bepalings, die wet en die gebod wat Hy vir julle neergeskryf het. Moenie ander gode dien nie.

³⁸Die verbond wat Hy met julle gesluit het, moet julle nie verontagsaam nie. Moenie ander gode dien nie.

³⁹Julle moet net die Here julle God dien. Hy sal julle red uit die mag van al julle vyande.”

⁴⁰Maar hulle was ongehoorsaam: hulle het hulle vroeëre gebruike gehandhaaf.

⁴¹Hierdie nasies het nie net die Here vereer nie, maar ook hulle eie afgodsbeelde gedien, en tot vandag toe nog volg ook hulle kinders en kleinkinders hulle voorbeeld.

2 Konings 18

Hiskia koning van Juda

(Vgl. 2 Kron. 29:1-2; 31:1)

¹In die derde regeringsjaar van koning Hosea van Israel, seun van Ela, het Hiskia seun van koning Agas van Juda op die troon gekom.

²Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Abi, 'n dogter van Sagaria.

³Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvader Dawid gevolg.

⁴Hiskia het die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap. Hy het ook die koperslang wat destyds deur Moses gemaak is, laat stukkend slaan, want tot nou toe het die Israeliete die koperslang met offers vereer. Die slang is Negustan genoem.

⁵Hiskia het op die Here die God van Israel vertrou. Nie een van al die konings van Juda voor of na Hiskia was soos hy nie.

⁶Hy was getrou aan die Here en het nie van Hom af weggedraai nie. Hiskia was gehoorsaam aan die gebooie wat die Here aan Moses gegee het.

⁷Die Here was by Hiskia, en Hiskia was voorspoedig in alles wat hy onderneem het. Hy het in opstand gekom teen die koning van Assirië en was nie meer aan hom onderdanig nie.

⁸Hy het die Filistyne verslaan en hulle teruggedryf, wagpos vir wagpos, vestingstad vir vestingstad, tot by Gasa en die gebied daar rondom.

Die val van Samaria

⁹In die vierde regeringsjaar van koning Hiskia, die sewende regeringsjaar van koning Hosea van Israel, seun van Ela, het koning Salmaneser van Assirië teen Samaria opgetrek en die stad beleër.

¹⁰Hy het die stad na drie jaar ingeneem, in die sesde regeringsjaar van Hiskia. In die negende regeringsjaar van koning Hosea van Israel is Samaria verower.

¹¹Die koning van Assirië het die inwoners van Israel as gevangenes na Assirië toe weggevoer en hulle hervestig in Galag en aan die Gaborrivier in Gosan en in die stede van Medië.

¹²Dit was omdat die inwoners van Israel nie gehoorsaam was aan die Here hulle God nie. Hulle het die verbondsverpligtinge wat die Here op hulle gelê het, alles wat Moses die dienaar van die Here hulle beveel het, oortree. Hulle was ongehoorsaam en het die bevele nie uitgevoer nie.

Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib

(Vgl. 2 Kron. 32:1-19; Jes. 36:1 -- 37:38)

¹³In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia het koning Sanherib van Assirië al die vestingstede in Juda aangeval en verower.

¹⁴Koning Hiskia van Juda het toe vir die koning van Assirië in Lakis laat weet: "Ek het verkeerd gedoen. Trek u manskappe terug, ek sal betaal wat u vra." Die Assiriese koning het koning Hiskia van Juda toe beboet met iets meer as tien ton silwer en een ton goud.

¹⁵Hiskia moes al die silwer wat in die huis van die Here en in die skatkamers van die paleis was, afgee.

¹⁶Terselfdertyd moes hy die goudbeslag wat hy self laat aanbring het, van die deure van die tempel van die Here en van die deurposte afstroop om die koning van Assirië te betaal.

¹⁷Daarna het die koning van Assirië die hoof van sy leer en sy hoofamptenaar en sy hoofadjutant met 'n groot leërmag uit Lakis na koning Hiskia toe in Jerusalem gestuur. Hulle het na Jerusalem toe opgetrek en toe hulle daar aankom, het hulle posisie ingeneem langs die kanaal van die boonste dam, langs die pad na die Bleikveld toe.

¹⁸Hulle het na die koning geroep, en toe het die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf na hulle toe gegaan.

¹⁹Toe sê die hoofadjutant vir hulle: “Sê vir Hiskia: So sê die groot koning van Assirië: Waarop berus hierdie vertroue van jou?

²⁰Jy dink woorde alleen is genoeg vir strategie en militêre mag. Op wie vertrou jy dat jy in opstand is teen my?

²¹Jy vertrou op Egipte, op 'n versplinterde riet wat jou in die hand steek en jou seermaak as jy op hom leun. Dit is wat die farao, die koning van Egipte, beteken vir almal wat op hom vertrou.

²²En as julle vir my wil sê julle vertrou op die Here julle God, dit is mos Hy wie se hoogtes en altare Hiskia laat verwoes het toe hy vir Juda en Jerusalem gesê het: ‘Julle moet net by hierdie altaar in Jerusalem aanbid.’

²³Wil jy 'n ooreenkoms aangaan met my koning, die koning van Assirië? Ek gee jou twee duisend perde: sal jy die ruiters vir hulle kan voorsien?

²⁴Hoe sal jy weerstand kan bied teen één goewerneur, één van my koning se onbelangrikste amptenare? En dan vertrou jy op Egipte vir strydwaens en perde!

²⁵Buitendien, ek het nie sonder die Here opgetrek teen hierdie plek om dit te verwoes nie; die Here het vir my gesê: Trek op teen daardie land en verwoes dit.”

²⁶Toe sê Eljakim seun van Gilkija, en Sebna en Joag vir die hoofadjutant: “Praat tog asseblief met ons Aramees, ons verstaan dit, maar moenie met ons Judees praat dat die manskappe op die muur dit kan verstaan nie.”

²⁷Maar die hoofadjutant sê vir hulle: “Dink julle my koning het my net na julle koning en na julle toe gestuur om dié dinge te sê, en nie ook na die manne wat op die muur sit nie? Hulle sal hulle eie ontlasting moet eet en hulle eie urine moet drink, net soos julle! ”

²⁸Toe gaan staan die hoofadjutant en hy skree hard in Judees: “Luister wat die groot koning sê, die koning van Assirië!

²⁹So sê die koning: Moenie dat Hiskia julle mislei nie! Hy kan julle nie uit my mag red nie.

³⁰En moenie dat Hiskia julle op die Here laat vertrou nie. Hy sê: ‘Die Here sal ons sekerlik red; dié stad sal nie oorgegee word in die mag van die koning van Assirië nie.’

³¹Moenie na Hiskia luister nie, want só sê die koning van Assirië: Maak vrede met my en kom uit na my toe, dan sal elkeen die vrugte van sy eie wingerdstok en sy eie vyeboom eet en uit sy eie put water drink

³²tot ek kom en julle wegvat na 'n land toe net soos julle land. Dit is 'n land met koring en wyn, 'n land met kos en wingerde, 'n land met olyfolie en heuning. Dan sal julle lewe, julle sal nie sterwe nie. Moenie na Hiskia luister nie. Hy bedrieg julle as hy sê die Here sal julle red.

³³Kon die gode van die ander nasies hulle lande red uit die mag van die koning van Assirië?

³⁴Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van Sefarwajim, Hena en Awwa? Kon hulle Samaria uit my mag bevry?

³⁵Wie van al die gode van die ander lande kon sy land uit my mag red? Dan sal die Here mos nie Jerusalem uit my mag kan red nie! ”

³⁶Die manskappe het stilgebly en nie geantwoord nie, want die koning het hulle beveel om nie te antwoord nie.

³⁷Die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf het hulle klere geskeur en is terug na Hiskia toe om hom te vertel wat die hoofadjutant gesê het.

2 Konings 19

¹Toe koning Hiskia dit hoor, het hy ook sy klere geskeur. Hy het rouklere aangetrek en is na die huis van die Here toe.

²Daarna stuur hy die paleisbestuurder Eljakim, die staatsekretaris Sebna en die leiers van die priesters, almal in rouklere, na die profeet Jesaja seun van Amos toe.

³Hulle het vir Jesaja gesê: “So sê Hiskia: Dit is 'n dag van rou. Ons is in die moeilikheid en ons is verneder. Ons is soos vrouens wat in die kraam is, maar nie die krag daarvoor het nie.

⁴Miskien sal die Here u God let op die woorde van die hoofadjutant wat deur die Assiriese koning gestuur is om die lewende God te smaad, en miskien sal die Here u God hulle straf oor wat Hy moes aanhoor. Bid tog vir die klompie van ons wat nog oor is.”

⁵Toe koning Hiskia se amptenare by Jesaja kom,

⁶sê hy vir hulle: “Julle moet vir julle koning sê: So sê die Here: Moenie bang wees oor wat jy gehoor het, hoe die amptenare van die koning van Assirië My gelaster het nie.

⁷Ek gaan hom onrustig maak, so dat hy na sy land toe sal teruggaan wanneer hy daarvandaan 'n berig kry. Ek sal hom in sy eie land laat doodmaak.”

⁸Toe die hoofadjutant hoor dat die koning van Assirië weg is van Lakis af, het hy teruggegaan. Hy het die koning aangetref waar hy met 'n aanval op Libna besig was.

⁹Daar het die koning van Assirië berig gekry dat koning Tirhaka van Kus op pad is om hom aan te val. Die koning van Assirië stuur toe weer gesante na Hiskia toe met die boodskap:

¹⁰“Sê vir koning Hiskia van Juda: Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie.

¹¹Jy het mos gehoor hoe die konings van Assirië die een land na die ander verwoes het. Sal jý dan vrykom?

¹²Kon die gode van die nasies wat deur my voorgangers uitgedelg is, hulle red: Gosan, Haran, Resef, die mense van Eden in Telassar?

¹³Waar is die konings van Hamat en Arpad, die konings van die stede Sefarwajim, Hena en Awwa? ”

¹⁴Hiskia het die briewe wat die gesante gebring het, gevat en gelees. Daarna het hy na die huis van die Here toe gegaan en die briewe voor die Here oopgesprei.

¹⁵Toe het hy tot die Here gebid: “Here, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak.

¹⁶Hoor tog, Here, luister, kyk tog, Here, let tog op! “Hoor tog wat Sanherib gesê het; hy het U, die lewende God, in sy boodskap beledig!

¹⁷Dit is waar, Here, die konings van Assirië het nasies met lande en al verwoes
¹⁸en hulle gode verbrand, maar dit was nie gode nie, dit was die werk van mensehande, hout en klip; daarom is hulle vernietig.

¹⁹Here, ons God, red ons tog uit die mag van die Assiriese koning. Dan sal al die koninkryke van die aarde besef dat U, Here, alleen God is.”

²⁰Jesaja seun van Amos het vir Hiskia 'n boodskap gestuur: “So sê die Here die God van Israel: Ek het jou gebed oor koning Sanherib van Assirië verhoor.

²¹“Dit is wat die Here oor Sanherib sê: “Sion verag jou en lag jou uit, Jerusalem kyk jou met minagting agterna.

²²Vir wie het jy beledig en belaster? Vir wie het jy geskreeu en uitgedaag? Die Heilige van Israel!

²³Deur jou gesante het jy die Here geminag toe jy gesê het: ‘Ek het met my wa teen die hoogste berge op gery, na die toppe van die Libanon toe; ek het sy hoogste seders afgekap, sy mooiste sipresse. Ek het sy verste skuilhoeke binnegedring, sy digste bosse.

²⁴Ek het na water gegrawe in ander lande en dit gedrink, met my voetsole al die opgedamde riviere laat opdroog.’

²⁵“So sê die Here vir jou, Sanherib: Het jy dan nie gehoor nie, Ék het dit bewerk, lank gelede al, van die vroegste tye af het Ek dit voorberei en Ek het dit nou laat gebeur: jy moes vestingstede verwoes en puinhoop van hulle maak.

²⁶Hulle inwoners was magteloos, verskrik en sonder raad, soos veldplante, soos groen gras, soos gras op 'n huis se dak: dit verskroei voor dit behoorlik staan.

²⁷Of jy sit of gaan of kom, Ek weet dit, Ek weet hoe jy teen My te kere gegaan het.

²⁸Omdat jy dit gedoen het, omdat Ek jou verwaande woorde moes aanhoor, sit Ek 'n haak deur jou neus en 'n stang tussen jou tande en lei Ek jou terug op die pad waarmee jy gekom het.

²⁹“Vir jou, Hiskia, gee Ek die volgende teken: vanjaar sal julle die opslag eet en volgende jaar wat dan opslaan, maar in die jaar daarna sal julle saai en oes, wingerde plant en druiwe eet.

³⁰Dié van Juda wat die beleg oorleef het en oorgebly het, sal weer soos plante wortel skiet en vrugte dra.

³¹Daar sal mense oorbly en uit Jerusalem kom, daar sal mense vry van Sionsberg af uitgaan. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here sorg.

³²“Daarom, so sê die Here oor die koning van Assirië: Hy sal nie in dié stad inkom nie, hy sal nie 'n pyl hier afskiet nie, nie 'n skild teen die stad optel nie, nie 'n beleëringswal daarteen opgooi nie.

³³Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie weer by dié stad kom nie. Dit is wat die Here sê.

³⁴Ek sal dié stad beskut en hom red, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil.”

³⁵Daardie nag het 'n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar.

³⁶Koning Sanherib van Assirië het toe kamp afgeslaan en hy is terug Nineve toe en het daar gebly.

³⁷Terwyl hy op 'n dag in die tempel van sy god Nisrok aanbid het, het Adrammelek en Sar-Eser hom met swaarde doodgesteek. Hulle het na Ararat toe gevlug, en Sanherib se seun Esarhaddon het hom as koning opgevolg.

2 Konings 20

Die siekte en herstel van Hiskia

(Vgl. 2 Kron. 32:24-26; Jes. 38:1-8,21-22)

¹In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: “So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie.”

²Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here:

³“Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.” Hiskia het bitterlik gehuil.

⁴Jesaja was nog nie die binneplein van die stad oor nie toe die woord van die Here tot hom kom en sê:

⁵“Gaan terug en sê vir Hiskia, die leier van my volk: So sê die Here, die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou tranes gesien. Ek gaan jou gesond maak, en jy sal oormôre weer na die huis van die Here toe kan gaan.

⁶Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil.”

⁷Jesaja het toe opdrag gegee dat hulle 'n vyekoek moet bring en op die sweer moet sit, en die koning het beter geword.

⁸Toe vra Hiskia vir Jesaja: “Wat is die teken dat die Here my sal gesond maak en dat ek oormôre weer na die huis van die Here toe sal gaan? ”

⁹Jesaja het geantwoord: “Die Here gee jou die volgende teken dat Hy sal doen wat Hy gesê het: moet die skaduwee tien trappe vorentoe gaan of tien terugkom? ”

¹⁰Hiskia sê toe: “Dit is maklik vir die skaduwee om tien trappe vorentoe te skuif. Nee, laat dit tien trappe terugkom.”

¹¹Die profeet Jesaja het die Here aangeroop, en Hy het die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas afgesak het, tien trappe laat terugskuif.

Die gesante uit Babel

(Vgl. Jes. 39:1-8)

¹²In dié tyd het koning Merodak-Baladan van Babel, seun van Baladan, briewe en geskenke na Hiskia toe gestuur omdat hy gehoor het van Hiskia se siekte.

¹³Hiskia het die gesante te woord gestaan en hulle daarna al sy skatkamers gewys met die silwer, die goud, die kruie en die geurige olie, sy wapenkamer en alles wat in sy voorraadkamers was. Daar was niks in sy paleis en in sy koninkryk wat Hiskia die gesante nie laat sien het nie.

¹⁴Toe kom die profeet Jesaja na koning Hiskia toe en vra vir hom: “Wat het daardie mense gesê en waarvandaan kom hulle? ” Hiskia het geantwoord: “Uit 'n ver land, uit Babel.”

¹⁵“Wat het hulle in jou paleis gesien? ” vra Jesaja. En Hiskia antwoord: “Hulle het alles gesien wat in my paleis is. Daar is niks van my skatte wat hulle nie gesien het nie.”

¹⁶Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Luister wat sê die Here:

¹⁷Daar kom 'n tyd dat alles wat in jou paleis is, weggedra sal word na Babel toe, al die skatte wat jou voorvaders en jy versamel het. Daar sal niks oorbly nie, sê die Here.

¹⁸Van jou eie seuns wat uit jou gebore is, sal gevat word, en hulle sal diens doen in die paleis van die koning van Babel.”

¹⁹Hiskia het vir Jesaja gesê: “Die woord van die Here wat jy aan my oorgedra het, is goed.” Hiskia het bygevoeg: “As daar maar net in my tyd vrede en veiligheid is! ”

Die dood van Hiskia

(Vgl. 2 Kron. 32:32-33)

²⁰Die ander verhale oor Hiskia, oor sy moedige optrede en oor die dam en die kanaal wat hy gebou het om die water in die stad in te bring, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²¹Hiskia is oorlede, en sy seun Manasse het hom as koning opgevolg.

2 Konings 21

Die sonde van Manasse

(Vgl. 2 Kron. 33:1-16)

¹Manasse was twaalf toe hy koning geword het, en hy het vyf en vyftig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Gefsiba.

²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak.

³Hy het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou, altare vir Baäl opgerig, 'n Asjerabeeld gemaak soos koning Agab van Israel gedoen het en al die hemelliggame aanbid en gedien.

⁴Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: “In Jerusalem wil Ek my Naam vestig.”

⁵In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou.

⁶Hy het sy eie seun as offer verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het baie verkeerde dinge gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart.

⁷Die Asjerabeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die tempel, die plek waarvan die Here vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: “In hierdie

tempel en in Jerusalem wat Ek onder al die Israelitiese stamme uitgekies het, vestig Ek my Naam vir altyd.

⁸As Israel alles doen wat Ek hulle beveel het, in ooreenstemming met die hele wet wat my dienaar Moses vir hulle neergelê het, sal Ek hulle voete stewig geplant hou op die grond wat Ek aan hulle voorvaders gegee het.”

⁹Maar hulle het nie geluister nie. Manasse het Juda die verkeerde pad laat loop, sodat hulle erger aangegaan het as die nasies wat deur die Here uitgeroei is om vir Israel plek te maak.

¹⁰Die Here het deur sy dienaars, die profete, gesê:

¹¹“Omdat koning Manasse van Juda hierdie afskuwelike dinge gedoen het en erger aangegaan het as al die Amoriete voor sy tyd, en hy ook vir Juda laat sondig het met sy stinkende afgode,

¹²daarom, so sê die Here die God van Israel: Ek gaan nou rampe bring oor Jerusalem en Juda wat elkeen wat daarvan hoor, se twee ore sal laat tuit.

¹³Ek gaan Jerusalem met dieselfde maat meet as dié waarmee Ek Samaria en die koningshuis van Agab gemeet het; Ek gaan Jerusalem skoonvee soos 'n mens 'n skottel skoonvee en dan omkeer.

¹⁴Wat oor is van die volk wat aan My behoort, gaan Ek verwerp en hulle oorgee in die mag van hulle vyande. Hulle sal deur al hulle vyande geplunder en uitgeroei word.

¹⁵Dit sal gebeur omdat hulle gedoen het wat verkeerd is in my oë en My uitgetart het van die dag af dat hulle voorvaders uit Egipte getrek het tot vandag toe.”

¹⁶Behalwe die sonde wat Manasse Juda laat doen het, wat verkeerd was in die oë van die Here, het Manasse ook nog baie onskuldige mense laat doodmaak. Jerusalem was van hoek tot kant vol bloed.

Manasse se dood

(Vgl. 2 Kron. 33:18-20)

¹⁷Die ander verhale oor Manasse en alles wat hy gedoen het, en die sonde wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

¹⁸Manasse is oorlede, en hy is begrawe in die tuin by sy paleis, die tuin van Ussa. Sy seun Amon het hom as koning opgevolg.

Amon

(Vgl. 2 Kron. 33:21-25)

¹⁹Amon was twee en twintig toe hy koning geword het, en hy het twee jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Mesullemet, 'n dogter van Garus, uit Jotba.

²⁰Amon het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, net soos Manasse, sy pa, gedoen het.

²¹Hy het in alles die voorbeeld van sy pa gevolg, die stinkende afgode gedien wat deur sy pa gedien is, en hulle aanbid.

²²Hy het die Here die God van sy voorvaders verlaat en nie die wil van die Here gedoen nie.

²³Amptenare van koning Amon het 'n sameswering teen hom gesmee en hom in sy paleis doodgemaak.

²⁴Daarna het die burgers van die land almal doodgemaak wat saamgesweer het teen koning Amon, en hulle het sy seun Josia in sy plek koning gemaak.

²⁵Die ander verhale oor Amon en wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²⁶Hy is begrawe in sy graf in die tuin van Ussa, en sy seun Josia het hom as koning opgevolg.

2 Konings 22

Josia

(Vgl. 2 Kron. 34:1-2)

¹Josia was ag jaar toe hy koning geword het, en hy het een en dertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jedida, 'n dogter van Adaja uit Boskat.

²Josia het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het in alles die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.

Die wetboek en die verbondsluiting

(Vgl. 2 Kron. 34:8-11,14-32)

³In die agtiende jaar van sy regering het Josia die staatsekretaris Safan, seun van Asalja seun van Mesullam, na die huis van die Here toe gestuur met die opdrag:

⁴“Gaan na die hoëpriester Gilkija toe en laat hy die geld gereed kry wat ingebring is vir die huis van die Here, dié wat deur die drumpelwagte by die volk ingesamel is.

⁵Die geld moet oorhandig word aan die mense wat vir die werk aan die huis van die Here moet sorg. Hulle moet daarmee die werkers betaal wat die huis van die Here moet herstel:

⁶die vakmanne, die bouwerkers, die messelaars; hulle moet hout en gekapte klip koop om die tempel te herstel.

⁷Daar hoef nie van hulle rekenskap gevra te word van die geld wat aan hulle oorhandig word nie, want hulle is betroubaar.”

⁸Die hoëpriester Gilkija sê toe vir die staatsekretaris Safan: “Ek het die wetboek in die huis van die Here gekry.” Hy het die wetboek aan Safan oorhandig, en dié het dit gelees

⁹en by die koning verslag gaan doen: “U amptenare het die geld wat hiervoor in die tempel beskikbaar was, uitgetel en dit oorhandig aan die mense wat vir die werk aan die huis van die Here moet sorg.”

¹⁰Die staatsekretaris Safan het ook aan die koning die mededeling gedoen: “Die priester Gilkija het my 'n boek gegee,” en Safan het vir die koning gelees wat daarin staan.

¹¹Toe die koning hoor wat die wetboek sê, het hy sy klere geskeur

¹²en opdrag gegee aan die priester Gilkija, aan Agikam seun van Safan, aan Akbor seun van Miga, aan die staatsekretaris Safan en aan Asaja die hoofamptenaar van die koning:

¹³“Gaan raadpleeg die Here namens my en namens die hele volk Juda. Raadpleeg Hom oor die inhoud van hierdie boek wat gekry is. Ons voorvaders was ongehoorsaam aan die eise van hierdie boek en het nie gehandel in ooreenstemming met alles wat daarin staan nie. Daarom is die toorn van die Here wat teen ons gaan ontvlam, groot.”

¹⁴Die priester Gilkija en Agikam, Akbor, Safan en Asaja is toe na die profetes Gulda toe. Sy was die vrou van die klerebewaarder Sallum seun van Tikwa, seun van Gasra, en het in die nuwe deel van Jerusalem gewoon. Hulle het haar vertel,

¹⁵en sy het geantwoord: “So sê die Here die God van Israel: Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het:

¹⁶So sê die Here: Ek bring onheil oor hierdie plek en oor sy inwoners, al die oordele in die boek wat die koning van Juda gelees het,

¹⁷want hulle het My verlaat. Hulle het offers gebring vir ander gode en My uitgetart met allerhande maaksels van hulle eie hande. My toorn ontvlam teen hierdie plek, die vlam sal nie geblus word nie.

¹⁸⁻¹⁹Maar sê vir die koning van Juda wat vir julle gestuur het om die Here te raadpleeg: So sê die Here die God van Israel: Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy jou klere geskeur en gehuil het voor My, en dat jy berou getoon het voor My, die Here, toe jy hoor wat Ek sê oor hierdie plek en sy inwoners, naamlik dat verwoesting en straf oor hulle kom, sê die Here.

²⁰Daarom sal Ek jou in vrede laat sterwe en in jou graf laat ingaan; jy sal niks van al die onheil wat Ek oor hierdie plek bring, self beleef nie.”

2 Konings 23

¹Die afvaardiging het so aan die koning gerapporteer, en hy het al die leiers van Juda en Jerusalem by hom laat bymekaarkom.

²Daarna is die koning na die huis van die Here toe met al die mense van Juda by hom en ook die inwoners van Jerusalem, die priesters en die Leviete, al die

mense, groot en klein. Daar het hy alles aan hulle voorgelees wat in die boek van die verbond gestaan het wat in die huis van die Here gekry is.

³Toe het die koning op sy plek gaan staan en 'n verbond met die Here gesluit en beloof om die Here te volg en sy gebooie, verordeninge en voorskrifte met sy hele hart en siel te gehoorsaam en om die bepalings van die verbond soos dit in hierdie boek vasgelê is, na te kom. Die hele volk het die verbond aanvaar.

Josia bestry die afgodery

(Vgl. 2 Kron. 34:3-7)

⁴Koning Josia het aan die hoëpriester Gilkija, aan die priesters net onder hom en aan die drumpelwagte opdrag gegee om uit die tempel van die Here al die goed te bring wat vir Baäl en Asjera en al die hemelliggame gemaak is. Hulle moes dit verbrand buite Jerusalem op die gelyktes langs die Kedron en die as na Bet-El toe vat.

⁵Josia het die afgodspriesters afgesit wat deur die konings van Juda aangestel is en wat offers gebring het op die hoogtes, in die stede van Juda en in die omgewing van Jerusalem. Hy het ook 'n einde gemaak aan dié wat geoffer het vir Baäl en vir die son en die maan en die diereriem en al die ander hemelliggame.

⁶Hy het die Asjera uit die huis van die Here laat bring na die Kedronspruit toe buite Jerusalem, dit daar laat verbrand en laat fynstamp. Die as het hy laat weggooi op die grafte van die gewone mense.

⁷Hy het die manlike prostitute se kamers by die huis van die Here laat afbreek waarin die vroue klere geweef het vir die diens van Asjera.

⁸Verder het Josia al die priesters uit die stede van Juda laat bring en die hoogtes waarop die priesters geoffer het, laat ontwy, van Geba af tot by Berseba. Hy het die hoogtes wat by die poorte was, laat afbreek, ook die een by die poort van die stadsbevelvoerder Josua, aan die linkerkant as 'n mens die stadspoort binnegaan.

⁹Josia het nie die priesters wat by die hoogtes geoffer het, by die altaar van die Here in Jerusalem laat kom nie, maar hulle kon saam met hulle ampsgenote ongesuurde brood eet.

¹⁰Hy het die offerplek wat in die Ben-Hinnomdal was, laat ontwy, sodat niemand meer sy seun of dogter as offer vir Molek kon verbrand nie.

¹¹Die perdebeelde wat deur die konings van Juda ter verering van die son opgestel is, het hy laat verwyder. Hulle het gestaan by die ingang van die huis van die Here, by die kamer van die amptenaar Netan-Melek aan die binneplein. Die sonwa het hy laat verbrand.

¹²Die altare wat deur die konings van Juda gebou is op die dak van die bovertrek van Agas, en die altare wat deur Manasse in die twee voorhowe van die huis van die Here gebou is, is deur die koning afgebreek. Hy het hulle net daar laat stukkend slaan en die puin laat weggooi in die Kedronvallei.

¹³Verder het die koning die hoogtes laat ontwy wat oos van Jerusalem, suid van die berg van verwoesting, was en wat deur koning Salomo van Israel opgerig is vir die verering van Astarte, die veragtelike godin van die Sidoniërs, Kemos, die veragtelike god van Moab, en Milkom die afskuwelike god van die Ammoniete.

¹⁴Hy het die klippilare laat stukkend slaan, die gewyde pale laat afkap en op hulle plekke mensbene laat gooi.

¹⁵Selfs die altaar in Bet-El, die hoogte wat deur Jerobeam seun van Nebat ingerig is toe hy vir Israel laat sondig het, selfs dié altaar en dié hoogte is deur Josia laat afbreek. Hy het die hoogte laat afbrand en fynslaan en die Asjera laat verbrand.

¹⁶Toe hy omdraai, sien Josia die grafte daar teen die berg. Hy het die bene uit die grafte laat uithaal en hulle op die altaar laat verbrand. So het hy die altaar laat ontwy in ooreenstemming met die woord van die Here wat destyds deur die man van God aangekondig is.

¹⁷Daarna sê Josia: “Watter grafsteen sien ek daar? ” en die mense van die stad sê vir hom: “Dit is die graf van die man van God wat uit Juda gekom en voorspel het presies wat u met die altaar van Bet-El gedoen het.”

¹⁸Toe sê hy: “Laat hom rus, moenie sy bene versteur nie.” Hulle het toe sy bene en die bene van die profeet wat uit Samaria gekom het, met rus gelaat.

¹⁹Josia het verder al die heiligdomme wat deur die konings van Israel op die hoogtes by die stede van Samaria gebou is om die Here uit te tart, laat opruim. Hy het met hulle gemaak soos hy in Bet-El gedoen het.

²⁰Al die priesters wat daar op die hoogtes diens gedoen het, het hy op die altare laat slag en mensbene op die altare laat verbrand. Daarna is hy terug Jerusalem toe.

²¹Daarna het die koning die volk beveel: “Vier die paasfees tot eer van die Here julle God soos dit voorgeskryf is in hierdie boek van die verbond.”

²²'n Paasfees soos hierdie is nie gevier van die tyd van die leiers af wat oor Israel geregeer het nie, ook nie tydens die regering van die konings van Israel en Juda nie.

²³Hierdie paasfees tot eer van die Here is in die agtiende regeringsjaar van koning Josia in Jerusalem gevier.

²⁴Josia het ook die dodebesweerders en die waarsêers, die afgodsbeelde, al die stinkende en veragtelike afgode wat in Juda en Jerusalem te sien was, uitgeroei. So het hy voldoen aan die eise van die wet soos dit opgeteken was in die boek wat die priester Gilkija in die huis van die Here gekry het.

²⁵Daar was nie voor hom nog so 'n koning soos hy wat hom tot die Here bekeer het met sy hele hart en siel en met al sy kragte in ooreenstemming met die hele wet van Moses nie, en ná hom was daar ook nie so 'n koning soos hy nie.

²⁶Die Here het egter nie sy hewige toorn teen Juda laat vaar nie. Hy het toornig gebly oor Manasse se uittartende optrede teen Hom.

²⁷Hy het gesê: “Ek sal Juda ook uit my teenwoordigheid verwyder, net soos Ek Israel verwyder het. Ek sal hierdie stad, Jerusalem, wat Ek uitverkies het, verwerp, en ook die tempel waarvan Ek gesê het: My Naam sal daar wees.”

Die dood van Josia

(Vgl. 2 Kron. 35:20-27)

²⁸Die ander verhale oor Josia en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

²⁹In sy tyd was die farao koning Neko van Egipte op pad na die koning van Assirië toe aan die Eufraat. Koning Josia het teen die farao opgetrek, maar die farao het hom met die bymekaarkom in Megiddo doodgemaak.

³⁰Sy lyfwagte het sy lyk op 'n wa gesit en na Jerusalem toe gebring. Daar het hulle hom in sy graf begrawe.

Joahas

(Vgl. 2 Kron. 36:1-4)

Die burgers van die land het Josia se seun Joahas geneem, hom gesalf en hom koning gemaak in sy pa se plek.

³¹Joahas was drie en twintig toe hy koning geword het en hy het drie maande in Jerusalem geregeer. Sy ma was Gamutal, 'n dogter van Jeremia uit Libna.

³²Joahas het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en in alles die voorbeeld van sy voorvaders gevolg.

³³Farao Neko het vir Joahas gevang en in Ribla, in Hamat, in die tronk gehou sodat hy nie in Jerusalem kon regeer nie. Neko het die land beboet met drie en 'n halwe ton silwer en vier en dertig kilogram goud.

³⁴Daarna het farao Neko vir Eljakim seun van Josia koning gemaak in sy pa se plek, en sy naam verander na Jojakim. Neko het vir Joahas na Egipte toe gevat, en hy is daar dood.

Jojakim

(Vgl. 2 Kron. 36:5-8)

³⁵Jojakim het die goud en die silwer aan die farao betaal. Om te betaal wat die farao geëis het, moes hy die land aanslaan. Hy het die goud en die silwer van

die burgers van die land geëis, van elkeen volgens sy aanslag, en dit aan farao Neko betaal.

³⁶Jojakim was vyf en twintig toe hy koning geword het, en hy het elf jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Sebida, 'n dogter van Pedaja uit Ruma.

³⁷Jojakim het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvaders gevolg.

2 Konings 24

¹In dié tyd het koning Nebukadnesar van Babel teen Jojakim opgetrek. Jojakim was drie jaar aan hom onderhorig en daarna het hy teen Nebukadnesar in opstand gekom.

²Die Here het bendes Galdeërs, Arameërs, Moabiete en Ammoniete teen Jojakim gestuur. Hy het hulle gestuur om Juda uit te roei, in ooreenstemming met wat die Here deur sy dienaars die profete gesê het.

³Dit het met Juda gebeur op bevel van die Here, omdat Hy Juda uit sy teenwoordigheid wou verwyder oor die sonde van Manasse, oor alles wat hy gedoen het,

⁴ook oor die mense wat hy onskuldig laat doodmaak het. Jerusalem was vol van die bloed van onskuldige mense, en die Here wou dit nie vergewe nie.

⁵Die ander verhale oor Jojakim en alles wat hy gedoen het, is opgeteken in die annale van die konings van Juda.

⁶Jojakim is oorlede, en sy seun Jojagin het hom as koning opgevolg.

⁷Die koning van Egipte het nie weer 'n veldtog buite sy land aangepak nie, want die koning van Babel het die gebied van Egiptespruit af tot aan die Eufraat verower, die hele gebied wat voorheen aan die koning van Egipte behoort het.

Jojagin

(Vgl. 2 Kron. 36:9-10)

⁸Jojagin was agtien toe hy koning geword het en hy het drie maande in Jerusalem geregeer. Sy ma was Negusta, 'n dogter van Elnatan uit Jerusalem.

⁹Jojagin het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy pa gevolg.

¹⁰In dié tyd het die leër van koning Nebukadnesar van Babel 'n aanval op Jerusalem begin en die stad beleër.

¹¹Nebukadnesar het self na die stad toe gekom terwyl sy soldate dit beleër het.

¹²Koning Jojagin van Juda het hom oorgegee aan die koning van Babel, hy, sy ma, sy lyfwag, sy amptenare en sy offisiere. Jojagin is deur die koning van Babel gevange geneem in sy agste regeringsjaar.

¹³Nebukadnesar het, soos die Here vantevore gesê het, al die skatte van die huis van die Here en die skatte van die paleis gevat en hy het al die goue goed stukkend geslaan wat koning Salomo van Israel vir die tempel van die Here laat maak het.

¹⁴Nebukadnesar het die hele Jerusalem weggevoer: al die amptenare, al die soldate, tien duisend gevangenes, ook die vakmanne en die smede. Niemand het agtergebly nie behalwe die armstes van die landsbevolking.

¹⁵Hy het vir Jojagin na Babel toe weggevoer. Hy het ook die koninginmoeder, die vrouens van die koning, sy offisiere en die belangrikste mense in die land van Jerusalem af na Babel toe in ballingskap weggevoer.

¹⁶Die koning van Babel het al die weerbare manne gevange weggevoer na Babel toe, al die soldate, sewe duisend, en ook nog duisend vakmanne en smede.

¹⁷Hy het vir Mattanja, 'n oom van Jojagin, in sy plek koning gemaak en sy naam verander na Sedekia.

Sedekia. Die val van Jerusalem

(Vgl. 2 Kron. 36:11-21; Jer. 52:1-11)

¹⁸Sedekia was een en twintig toe hy koning geword het en hy het elf jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Gamutal, 'n dogter van Jeremia uit Libna.

¹⁹Sedekia het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van Jojakim gevolg.

²⁰Die toorn van die Here was op Jerusalem en Juda; Hy wou hulle wegvee uit sy teenwoordigheid uit. Sedekia het in opstand gekom teen die koning van Babel,

2 Konings 25

¹en in die negende regeringsjaar van Sedekia, op die tiende dag van die tiende maand, het koning Nebukadnesar van Babel met sy hele leër met 'n aanval op Jerusalem begin. Hy het kamp opgeslaan by die stad en 'n beleëringswal rondom die stad gebou.

²Die stad is beleër tot in die elfde regeringsjaar van koning Sedekia.

³Teen die negende dag van die vierde maand was die hongersnood in die stad so erg dat daar nie meer kos vir die bevolking was nie.

⁴Toe is daar 'n opening in die muur gebreek, en al die soldate het in die nag gevlug deur die poort tussen die twee mure langs die Koningstuin ten spyte daarvan dat daar Galdeërs rondom die stad was. Die soldate het in die rigting van die Jordaanvallei gevlug,

⁵maar die Galdese leër het die koning agtervolg en hom ingehaal op die Jerigovlakte. Sy hele leër was toe al uitmekaargejaag, weg van hom af,

⁶en hy is gevang en na die koning van Babel toe in Ribla gevat. Hy is verhoor,

⁷en toe het hulle sy seuns voor sy oë geslag, sý oë uitgesteek, hom met bronskettings geboei en na Babel toe gevat.

⁸In die vyfde maand, op die sewende van die maand, in die negentiende regeringsjaar van koning Nebukadnesar van Babel het Nebusaradan by Jerusalem aangekom. Hy was hoof van die lyfwag en amptenaar van die koning van Babel.

⁹Hy het die huis van die Here, die paleis en al die huise in Jerusalem, elke groot gebou, afgebrand.

¹⁰Al die Galdese soldate wat onder sy bevel was, het die muur om Jerusalem afgebreek.

¹¹Die mense wat in die stad oor was, ook dié wat na die koning van Babel toe oorgeloop het, al wat van die groot stadsbevolking oorgebly het, is gevange weggevoer deur Nebusaradan die hoof van die lyfwag.

¹²Net die armste mense van die land het hy laat agterbly om die wingerde en die lande te bewerk.

¹³Die Galdeërs het die bronspilare, die waentjies en die bronswaterbak wat by die huis van die Here was, stukkend geslaan en die brons na Babel toe gevat.

¹⁴Hulle het die potte, die skoppe, die skêre en die panne saamgevat, en al die ander bronsgoed wat in die tempeldiens gebruik is.

¹⁵Die hoof van die lyfwag het ook die vuurpanne en die komme vir besprinkeling buitgemaak, alles wat goud of silwer was.

¹⁶Die brons van die twee pilare, die waterbak en die waentjies wat deur Salomo vir die huis van die Here gemaak is, was soveel dat dit nie geweeg kon word nie.

¹⁷Elke pilaar was ag meter, en die bronskapiteel bo-op was een en 'n derde meter hoog. Die rooster met die granate om die kapiteel was heeltemal van brons. Die ander pilaar en sy rooster was dieselfde.

¹⁸Die hoof van die lyfwag het die hoëpriester Seraja, die priester tweede in rang, Sefanja, en die drie drumpelwagte gevange saamgevat.

¹⁹In die stad het hy die offisier gevange geneem wat in bevel was van die soldate. Daar was ook nog vyf van die koning se vertrouelinge in die stad, die sekretaris van die hoof van die leer wat vir die oproep van die burgers verantwoordelik was, en sestig van die burgers.

²⁰Nebusaradan, die hoof van die lyfwag, het hulle gevange geneem en hulle na die koning van Babel toe in Ribla gevat.

²¹Die koning van Babel het hulle laat doodmaak daar in Ribla, in Hamat. So is Juda dan uit sy land weggevoer.

Die moord op die goewerneur Gedalja

(Vgl. Jer. 40:7 -- 41:3)

²²Oor die mense wat in Juda oor was, dié wat deur koning Nebukadnesar van Babel toegelaat is om daar te bly, het hy vir Gedalja, seun van Agikam seun van Safan, aangestel.

²³Toe die leëraanvoerders en hulle manskappe hoor dat die koning van Babel vir Gedalja aangestel het, het hulle na hom toe gegaan in Mispa. Die aanvoerders was Ismael seun van Netanja, Joganan seun van Kareag, Seraja seun van Tangumet uit Netofa, en Jaäsanja uit Maäka.

²⁴Gedalja het hulle en hulle manne met 'n eed verseker: “Moenie bang wees vir die Galdese amptenare nie. Bly in die land en onderwerp julle aan die koning van Babel, dan sal dit goed gaan met julle.”

²⁵Maar in die sewende maand het Ismael seun van Netanja, seun van Elisama uit die koninklike familie, met tien manne by hom 'n aanslag gemaak op Gedalja en 'n klompie Judeërs en Galdeërs wat by hom in Mispa was, en hulle vermoor.

²⁶Daarna het almal, klein en groot, saam met die leëraanvoerders na Egipte toe gevlug uit vrees vir die Galdeërs.

Jojagin word bevoorreg

(Vgl. Jer. 52:31-33)

²⁷In die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van koning Jojagin van Juda, op die sewe en twintigste van die twaalfde maand, het Ewil-Merodak, wat pas koning van Babel geword het, vir koning Jojagin van Juda uit die gevangenis vrygelaat.

²⁸So het hy hom begenadig en hom hoër status gegee as die ander konings wat by hom in Babel was.

²⁹Jojagin kon sy gevangenskylere uittrek en het so lank as hy gelewe het, aan die koning se tafel geëet.

³⁰Hy het van die koning 'n permanente toelae ontvang vir sy daaglikse behoeftes so lank as hy gelewe het.

1 Kronieke

1 Kronieke 1

Die voorvaders en die verspreiding van hulle nageslag

(Vgl. Gen. 10:2-30)

- ¹Adam, Set, Enos,
- ²Kenan, Mahalalel, Jered,
- ³Henog, Metusalag, Lameg,
- ⁴Noag. Noag se seuns was Sem, Gam en Jafet.
- ⁵Die geslag van Jafet: Gomer, Magog, die Mediërs, die Grieke, Tubal, Mesek en Tiras.
- ⁶Die nageslag van Gomer: Askenas, Rifat en Togarma.
- ⁷Uit Griekeland het Elisa, Tarsis, die Kittiërs en die Rodaners voortgekom.
- ⁸Die nageslag van Gam: Kus, Egipte, Put en Kanaän.
- ⁹Die nageslag van Kus: Seba, Gawila, Sabta, Rama en Sabteka. Die nageslag van Rama: Skeba en Dedan.
- ¹⁰Uit Kus het Nimrod gekom, die eerste maghebber op die aarde.
- ¹¹Uit Egipte het gekom die Ludeërs, Anammers, Lehabeërs, Naftoagiete,
- ¹²Patrosane en die Kaslugiete uit wie die Filistyne kom, en die Kaftorane.
- ¹³Uit Kanaän het gekom Sidon wat as sy oudste seun geld, en verder Het,
- ¹⁴die Jebusiete, Amoriete, Girgasiete,
- ¹⁵Hewiete, Erekiete, Siniete,
- ¹⁶Arwadters, Semariërs en die mense van Hamat.
- ¹⁷Die nageslag van Sem: Elam, Assirië, Arpaksad, Lud, Aram, Us, Gul, Geter en Mesek.
- ¹⁸Uit Arpaksad het Selag gekom, en uit Selag Heber.

¹⁹Vir Heber is twee seuns gebore. Die naam van die een was Peleg, want in sy tyd is die land verdeel, en die naam van sy broer was Joktan.

²⁰Uit Joktan het gekom Almodad, Selef, Gasarmawet, Jerag,

²¹Hadoram, Usal, Dikla,

²²Obal, Abimael, Skeba,

²³Ofir, Gawila en Jobab. Hulle almal het uit Joktan voortgekom.

Abraham en sy nageslag

(Vgl. Gen. 11:10-32; 25:1-4,12-16; 36:1-30)

²⁴Sem, Arpaksad, Selag,

²⁵Heber, Peleg, Reü,

²⁶Serug, Nahor, Tera em

²⁷Abram, later Abraham genoem.

²⁸Die seuns van Abraham was Isak en Ismael.

²⁹Die oudste, Ismael, se nakomelinge was Nebajot, Kedar, Adbeël, Mibsam,

³⁰Misma, Duma, Massa, Gadad, Tema,

³¹Jetur, Nafis en Kedma. Hulle was die seuns van Ismael.

³²Die seuns van Ketura, Abraham se byvrou: sy was die moeder van Simran, Joksan, Medan, Midian, Jisbak en Suag. Die seuns van Joksan was Skeba en Dedan,

³³en die seuns van Midian was Efa, Efer, Ganok, Abida en Eldaä. Hulle het almal uit Ketura voortgekom.

³⁴Abraham was ook die vader van Isak. Die seuns van Isak was Esau en Israel.

³⁵Die seuns van Esau was Elifas, Reüel, Jeüs, Jalam en Korag.

³⁶Die seuns van Elifas was Teman, Omar, Sefo, Gatam, Kenas, Timna en Amalek.

³⁷Die seuns van Reüel was Nagat, Serag, Samma en Missa.

³⁸Die seuns van Seïr was Lotan, Sobal, Sibon, Ana, Dison, Eser en Disan.

³⁹Die seuns van Lotan was Gori en Hemam. Timna was Lotan se suster.

⁴⁰Die seuns van Sobal was Alwan, Managat, Ebal, Sefi en Onam. Die seuns van Sibon was Aja en Ana.

⁴¹Die seun van Ana was Disan. Die seuns van Disan was Gemdan, Esban, Jitran en Keran.

⁴²Die seuns van Eser was Bilhan, Saäwan en Akan. Die seuns van Dison was Us en Aran.

Die regeerders van Edom

(Vgl. Gen. 36:31-43)

⁴³Hier volg nou die name van die konings wat in Edom geregeer het voordat konings oor die Israeliete geregeer het: eers Bela seun van Beor. Sy stad se naam was Dinhaba.

⁴⁴Na Bela se dood het Jobab seun van Serag, uit Bosra, hom as koning opgevolg.

⁴⁵Na Jobab se dood is hy as koning opgevolg deur Gusam, uit die land van die Temaniete.

⁴⁶Na Gusam se dood is hy as koning opgevolg deur Hadad seun van Bedad, wat vir Midian in die gebied van Moab verslaan het. Sy stad se naam was Awit.

⁴⁷Na Hadad se dood is hy as koning opgevolg deur Samla van Masreka.

⁴⁸Na Samla se dood is hy as koning opgevolg deur Saul van Regobot-aan-die-Rivier.

⁴⁹Na Saul se dood is hy as koning opgevolg deur Baäl-Ganan seun van Akbor.

⁵⁰Na Baäl-Ganan se dood is hy as koning opgevolg deur Hadar. Die naam van sy stad was Paü, en sy vrou se naam was Mehetabel dogter van Matred, dogter van Me-Sahab.

⁵¹Na Hadar se dood was daar egter stamhoofde aan die bewind in Edom: Timna, Alwa, Jetet,

⁵²Oholibama, Ela, Pinon,

⁵³Kenas, Teman, Mibsar,

⁵⁴Magdiël en Iram. Hulle was die stamhoofde van Edom.

1 Kronieke 2

Die stamvaders

¹Hier volg die name van die seuns van Israel: Ruben, Simeon, Levi, Juda, Issaskar, Sebulon,

²Dan, Josef, Benjamin, Naftali, Gad en Aser.

Die nageslag van Juda

³Die seuns van Juda was Er, Onan en Sela, die drie wat vir hom gebore is uit sy Kanaänitiese vrou Bat-Sua. Er, Juda se oudste seun, het die Here mishag en Hy het hom laat sterwe.

⁴Juda se skoondogter Tamar het vir hom Peres en Serag in die wêreld gebring. Hy het dus altesaam vyf seuns gehad.

⁵Die seuns van Peres was Gesron en Gamul,

⁶en die seuns van Serag was Simri, Etan, Heman, Kalkol en Darda, vyf altesaam.

⁷Die seun van Karmi was Akan wat hom aangematig het om te vat wat aan die Here gewy was en so die dood oor Israel gebring het.

⁸Die seun van Etan was Asarja.

⁹Die seuns wat vir Gesron gebore is, was Jeragmeël, Ram en Kaleb.

¹⁰Ram was die vader van Amminadab, en Amminadab was die vader van Nagson, die heerser oor die Judeërs.

¹¹Nagson was die vader van Salmon, Salmon die vader van Boas,

¹²Boas die vader van Obed, en Obed die vader van Isai.

¹³Isai was die vader van Eliab sy oudste, Abinadab sy tweede seun, Samma sy derde,

¹⁴Netanel sy vierde, Raddai sy vyfde,

¹⁵Osem sy sesde en Dawid sy sewende seun.

¹⁶Hulle susters was Seruja en Abigal. Seruja se drie seuns was Abisai, Joab en Asael.

¹⁷Abigal was Amasa se ma en sy pa was Jeter die Ismaeliet.

¹⁸Gesron se seun Kaleb was die pa van 'n dogter, Jeriot, by sy eerste vrou, Asuba. Jeser, Sobab en Ardon was ook haar seuns.

¹⁹Na Asuba se dood het Kaleb met Efrata getrou, en sy het vir hom Gur in die wêreld gebring.

²⁰Gur was die vader van Uri, en Uri van Besaleël.

²¹Later het Gesron met 'n dogter van Makir, voorvader van Gilead, getrou. Gesron was toe sestig jaar oud, en sy vrou het Segub vir hom in die wêreld gebring.

²²Segub was die vader van Jaïr, wat drie en twintig dorpe in Gilead besit het.

²³Gesur en Aram het die tentdorpe van Jaïr verower saam met Kenat en sy buitedorpe, sestig dorpe in totaal. Hulle was almal seuns van Makir, vader van Gilead.

²⁴Na Gesron se dood het Kaleb gemeenskap gehad met Efrata, 'n vrou van sy vader Gesron, en sy het vir hom Asgur, die vader van Tekoa, in die wêreld gebring.

²⁵Die oudste seun van Gesron, Jeragmeël, se seuns by Agija was Ram, die oudste, en verder Buna, Oren en Osem.

²⁶Jeragmeël het nog 'n vrou gehad. Haar naam was Atara, en sy was die ma van Onam.

²⁷Ram, die oudste seun van Jeragmeël, se seuns was Maäs, Jamin en Eker.

²⁸Onam se seuns was Sammai en Jada, en Sammai se seuns was Nadab en Abisur.

²⁹Die naam van Abisur se vrou was Abihajil, en sy het vir hom Agban en Molid in die wêreld gebring.

- ³⁰Die seuns van Nadab was Seled en Appajim, maar Seled het kinderloos gesterf.
- ³¹Appajim het 'n seun Jisi gehad. Jisi se seun was Sesan, en Sesan was die vader van Aglai.
- ³²Jada se seuns was Agi, Sammai, Jeter en Jonatan. Jeter het kinderloos gesterf.
- ³³Jonatan se seuns was Pelet en Sasa. Hierdie mense was almal nakomelinge van Jeragmeël.
- ³⁴Sesan het nie seuns gehad nie, net dogters. Hy het 'n Egiptiese slaaf met die naam Jarga gehad,
- ³⁵en hy het toe 'n dogter van hom met sy slaaf Jarga laat trou. Sy het vir Jarga 'n seun Attai in die wêreld gebring.
- ³⁶Attai was die vader van Natan, Natan die vader van Sabad,
- ³⁷Sabad van Eflal, Eflal van Obed,
- ³⁸Obed van Jehu, en Jehu die vader van Asarja.
- ³⁹Asarja was die vader van Geles, Geles van Elasa,
- ⁴⁰Elasa van Sismai, Sismai van Sallum,
- ⁴¹Sallum van Jekamja en Jekamja die vader van Elisama.
- ⁴²Die geslag van Kaleb, Jeragmeël se broer, was soos volg: Mesa, sy oudste seun, was die vader van Sif, terwyl die seun van Maresa die vader van Hebron was.
- ⁴³Die seuns van Hebron was Korag, Tappuag, Rekem en Sema.
- ⁴⁴Sema was die vader van Ragam, vader van Jorkoam. Rekem was die vader van Sammai.
- ⁴⁵Sammai het 'n seun Maon gehad, en Maon was die vader van Bet-Sur.
- ⁴⁶Kaleb se byvrou Efa het vir Garan, Mosa en Gases in die wêreld gebring. Garan was die vader van Gases.
- ⁴⁷Die seuns van Jodai was Regem, Jotam, Gesan, Pelet, Efa en Saäf.

⁴⁸Nog 'n byvrou van Kaleb, Maäka, het vir Seber en Tirgana in die wêreld gebring.

⁴⁹Sy het ook vir Saäf, vader van Madmanna, en vir Sewa, vader van Makbena en Giba, in die wêreld gebring. Aksa was 'n dogter van Kaleb.

⁵⁰Dit dan was Kaleb se nakomelinge. Die seuns van Gur, die oudste seun van Efrata, was Sobal vader van Kirjat-Jearim,

⁵¹Salma vader van Betlehem, en Garef vader van Bet-Gader.

⁵²Uit Sobal vader van Kirjat-Jearim het gekom: Reaja, die helfte van Managat se mense,

⁵³en die volgende geslagte van Kirjat-Jearim: die Jitreërs, Puteërs, Sumaners en Misraners. Uit hulle het die Soraners en Estaolers voortgekom.

⁵⁴⁻⁵⁵Betlehem, die Netofaners, Atrot-Bet-Joab, die ander helfte van Managat se mense, die Soreërs, en die skrywersgeslagte wat in Jabes woon, naamlik die Tirateërs, Simateërs en Sukateërs, was nakomelinge van Salma. Hulle is die Keniete wat van Gammat vader van Bet-Rekab afstam.

1 Kronieke 3

Die nageslag van Dawid

¹Die volgende was Dawid se seuns wat in Hebron vir hom gebore is: die oudste was Amnon uit die Jisreëlitiese vrou Aginoam; die tweede Daniël uit die Karmelitiese vrou Abigajil;

²die derde, Absalom, was 'n seun van Maäka dogter van koning Talmai van Gesur; die vierde, Adonia, was 'n seun van Gaggit;

³die vyfde, Sefatja, se ma was Abital; en die sesde, Jitream, was die seun van Dawid se vrou Egla.

⁴Dié ses is vir hom in Hebron gebore, waar hy sewe jaar en ses maande lank koning was. In Jerusalem was hy drie en dertig jaar lank koning.

⁵Die volgende seuns is vir hom in Jerusalem gebore: Sima, Sobab, Natan en Salomo, al vier seuns van Batseba dogter van Ammiël,

⁶en verder die nege seuns Jibgar, Elisua, Elpelet,

⁷Noga, Nefeg, Jafia,

⁸Elisama, Eljada en Elifelet.

⁹Behalwe die seuns van die byvroue was dit al Dawid se seuns, maar hulle het 'n suster ook gehad: Tamar.

¹⁰Die seun van Salomo was Rehabeam, en die geslag loop dan oor Abia, Asa, Josafat,

¹¹Joram, Ahasia, Joas,

¹²Amasia, Asarja, Jotam,

¹³Agas, Hiskia, Manasse

¹⁴en Amon tot by Josia.

¹⁵Josia se seuns was: Joganan, die oudste, die tweede oudste Jojakim, die derde Sedekia en die vierde Sallum.

¹⁶Die seuns van Jojakim was Jojagin en Sedekia.

¹⁷Die seuns van die balling Jojagin was Sealtiël,

¹⁸Malkiram, Pedaja, Senassar, Jekamja, Hosama en Nedabja.

¹⁹Die seuns van Pedaja was Serubbabel en Simi. Die seuns van Serubbabel was Mesullam en Gananja wat 'n suster Selomit gehad het,

²⁰en verder die vyf seuns Gasuba, Ohel, Berekja, Gasadja en Jusab-Gesed.

²¹Gananja se seuns was Pelatja en Jesaja, en die seuns van Refaja was Arnan, Obadja en Sekanja.

²²Die ses seuns van Sekanja was Semaja, Gattus, Jigal, Bariag, Nearja en Safat.

²³Nearja het drie seuns gehad: Eljoënai, Hiskia en Asrikam.

²⁴Eljoënai se sewe seuns was Hodauja, Eljasib, Pelaja, Akkub, Joganan, Delaja en Anani.

1 Kronieke 4

Die stam Juda

- ¹Die seuns van Juda was: Peres, Gesron, Karmi, Gur en Sobal.
- ²Sobal se seun Reaja was die vader van Jagat, en Jagat die vader van Agumai en Lahad. Hulle is die Soranergeslagte.
- ³Die seuns van Etam was Jisreël, Jisma en Jidbas. Die naam van hulle suster was Selelponi.
- ⁴Penuel was die vader van Gedor, en Eser die vader van Gusa. Hulle het voortgekom uit Gur, die oudste seun van Efrata, vader van Betlehem.
- ⁵Asgur, vader van Tekoa, het twee vrouens gehad, Gela en Naära.
- ⁶Naära het vir hom Agussam, Gefer, Temni en Agastari in die wêreld gebring. Hulle was die seuns van Naära.
- ⁷Gela se seuns was Seret, Sogar en Etnan.
- ⁸Kos was die voorvader van Anub en Sobeba en van die geslagte van Agargel seun van Harum.
- ⁹Jabes het voorrang geniet bo sy broers. Toe sy ma hom die naam Jabes gegee het, het sy gesê: “Ek het hom met smart in die wêreld gebring.”
- ¹⁰Jabes het die God van Israel aangeroop met die woorde: “Stort u seën oor my uit, vergroot my grondgebied, neem my onder u beskerming en weerhou onheil van my sodat geen smart my tref nie.” God het laat gebeur wat hy gevra het.
- ¹¹Kelub broer van Suga was die vader van Megir. Dié was die vader van Eston.
- ¹²Eston was die vader van Bet-Rafa, Paseag en Teginna vader van Ir-Nagas. Hulle is die mense van Reka.
- ¹³Die seuns van Kenas was Otniël en Seraja, en die seuns van Otniël was Gatat
- ¹⁴en Meonotai, wat die vader was van Ofra. Seraja was die vader van Joab, stigter van Vakmansdal; hulle was vakmanne.
- ¹⁵Die seuns van Kaleb seun van Jefunne was Iru, Ela en Naäm. Die seun van Ela was Kenas.

¹⁶Die seuns van Jehallelel was Sif, Sifa, Tireja en Asarel.

¹⁷Die seuns van Esra was Jeter, Mered, Efer en Jalon. Mered was die vader van Mirjam, Sammai en Jisbag vader van Estemoa.

¹⁸Mered se Judeese vrou was die moeder van Jered vader van Gedor, Geber vader van Soko, en Jekutiël vader van Sanoag. Die ander was seuns van Bitja, 'n farao se dogter met wie Mered getroud was.

¹⁹Hodija se vrou was 'n suster van Nagam vader van Keïla. Haar seuns was Garmi en Estemoa van Maäka.

²⁰Die seuns van Simon was Amnon en Rinna, die seun van Ganan was Tilon en die seun van Jisi was Soget. Soget het ook 'n seun gehad.

²¹Uit die geslag van Sela seun van Juda was daar Er vader van Leka, en Lada vader van Maresa, en die linnewerkersgildes van Bet-Asbea.

²²Verder was daar nog Jokim en die mense van Koseba, asook Joas en Saraf wat in Moab gesag gevoer het, en Jasubi-Legem. Hierdie lyste kom uit 'n ou oorlewing.

²³Hierdie mense was die pottebakkers wat in Netaïm en Gedera by die koning gewoon het. Hulle het daar gewoon omdat hulle in sy diens was.

Die stam Simeon

²⁴Die seuns van Simeon was Jemuel, Jamin, Jarib, Serag en Saul.

²⁵Saul se seun was Sallum, dié se seun Mibsam, dié se seun Misma.

²⁶Die seun van Misma was Gammuel, dié se seun Sakkur, dié se seun Simi.

²⁷Simi het sestien seuns en ses dogters gehad, maar sy broers het nie baie kinders gehad nie, en al hulle geslagte saam was daarom nie soveel as dié van die Judeërs nie.

²⁸Hulle het gewoon in Berseba, Molada, Gasar-Sual,

²⁹Baäla, Esem, Eltolad,

³⁰Betuel, Gorma, Siklag,

³¹Bet-Markabot, Gasar-Susim, Bet-Biri en Saärajim. Dit was hulle stede totdat Dawid koning geword het.

³²Hulle buiteposte was Etam, Ajin, Rimmon, Token en Asan, vyf stede.

³³Verder was hulle woonplekke al die buiteposte wat rondom dié stede was, tot by Baäl, en hulle is so in die geslagsregister opgeneem.

³⁴Mesobab, Jamlek, Josa seun van Amasia,

³⁵Joël, Jehu seun van Josibja, seun van Seraja, seun van Asiël,

³⁶Eljoënai, Jaäkoba, Jesogaja, Asaja, Adiël, Jesimiël, Benaja,

³⁷Sisa seun van Sifi, seun van Allon, seun van Jedaja, seun van Simri, seun van Semaja,

³⁸is mense wie se name in die lys opgeneem is. Hulle was heersers oor hulle geslagte, en hulle families was talryk.

³⁹Hulle het getrek tot by die ingang van Gedor, oos van die laagte, op soek na weiveld vir hulle kleinvee,

⁴⁰en hulle het geil en goeie weiveld gekry. Die wêreld was oop na alle kante toe en ook rustig en stil. Mense van Gam het tevore daar gewoon,

⁴¹maar in die tyd van koning Hiskia van Juda het hierdie mense wie se name in die lys opgeneem is, daar ingetrek en die nedersettings van Gam verslaan, asook die Meüniete wat daar te vinde was. Die Simeoniete het hulle heeltemal uitgewis en in hulle plek gaan woon, want daar was weiveld vir die Simeoniete se kleinvee.

⁴²Verder het van hulle, dit is van die Simeoniete, vyf honderd man na Seërberg toe getrek. Aan hulle hoof was Pelatja, Nearja, Refaja en Ussiël, seuns van Jisi.

⁴³Hulle het wat oor was van Amalek, verslaan en woon nou nog daar.

1 Kronieke 5

Die stam Ruben

¹Ruben was die oudste seun van Israel, maar omdat hy bloedsbande gepleeg het met 'n vrou van sy pa, is sy rang van oudste seun oorgedra op die seuns van Josef seun van Israel, en daarom word Ruben nie as oudste in die geslagsregister opgeneem nie.

²Juda het wel oor sy broers gesag verkry, en uit hom het die koning voortgekom, maar Josef het die rang van oudste seun gehad.

³Die seuns van Ruben, oudste seun van Israel, was Ganok, Pallu, Gesron en Karmi.

⁴Die afstammelinge van Joël was in volgorde: Semaja, Gog, Simi,

⁵Miga, Reaja, Baäl

⁶en Beëra vir wie koning Tiglat-Pileser van Assirië gevange weggevoer het. Beëra was 'n heerser oor die stam Ruben.

⁷Sy broers, soos hulle naas sy geslag volgens afstamming opgeneem is in die lys, was Jeïel, die leier, en verder Sagaria

⁸en Bela seun van Asas, seun van Sema, seun van Joël. Hulle het gewoon in Aroër en tot by Nebo en Baäl-Meon.

⁹Na die oostekant toe het hulle gewoon tot teen die woestyn aan die Eufraatrivier, want hulle vee het baie geword in Gilead.

¹⁰In Saul se tyd het hulle 'n aanval gemaak op die Hagareërs, hulle verslaan en in hulle nedersettings gaan woon in die hele oostelike deel van Gilead.

Die stam Gad

¹¹Teenoor die Rubeniete het die Gadiete in Basan gewoon, tot by Salka.

¹²Joël was die hoof en Safam die tweede in rang. Verder was daar in Basan ook nog Janai en Safat.

¹³Hulle stamgenote volgens hulle families was Migael, Mesullam, Seba, Jorai, Jakan, Sia en Eber, sewe altesaam.

¹⁴Dié was afstammelinge van Abigajil seun van Guri, seun van Jaroag, seun van Gilead, seun van Migael, seun van Jesisai, seun van Jagdo, seun van Bus.

¹⁵Agi seun van Abdiël, seun van Guni, was hulle familiehoof.

¹⁶Hulle het gewoon in Gilead, in Basan en sy voorposte en in al die veegebiede van Saron sover as wat dié gestrek het.

¹⁷Hulle is almal in die register opgeneem in die tyd van koning Jotam van Juda en koning Jerobeam van Israel.

Die oorlog teen die Hagareërs

¹⁸Van die Rubeniete, Gadiete en die halwe Manassestam was vier en veertig duisend sewe honderd en sestig weerbare manne, vegsmanne met skild en swaard gewapen, boogskutters en opgeleide vegters.

¹⁹Toe hulle die Hagareërs, en vir Jetur, Nafis en Nodab aangeval het,

²⁰het hulle hulp ontvang en is die Hagareërs en al hulle bondgenote aan hulle onderwerp. Hulle het God in die stryd aangeroep en Hy het hulle verhoor omdat hulle hulle vertrou in Hom gestel het.

²¹Aan vee het hulle vyftig duisend kamele gebuit, twee honderd en vyftig duisend stuks kleinvee en twee duisend donkies, en hulle het ook nog honderd duisend gevangenes weggevoer.

²²Daar het bowendien baie mense gesneuwel, want dit was 'n oorlog wat deur God gevoer is. Hulle het toe die verowerde gebied bewoon tot met die ballingskap.

Die halwe Manassestam

²³Die halwe Manassestam het gewoon in die streek van Basan af tot by Baäl-Hermon en Senir en Hermonberg. Hulle was baie.

²⁴Hulle familiehoofde was die volgende: Efer, Jisi, Eliël, Asriël, Jeremia, Hodauja en Jagdiël, almal vermoënde en gesiene manne wat leiers van hulle families was.

Die wegvoering van die stamme oos van die Jordaen

²⁵Maar hierdie stamme was ontrou aan die God van hulle voorvaders en het oorgeloop na die gode van die landsbevolking wat ter wille van hulle deur God uitgeroei is.

²⁶Daarom het die God van Israel vir koning Pul van Assirië, dit is Tiglat-Pileser, aangehits, en dié het hulle as krygsgevangenes weggevoer. Hy het die Rubeniete, die Gadiete en die halwe Manassestam verplaas na Galag, Gabor, Hara en die Gosanrivier, waar hulle nou nog is.

1 Kronieke 6

Die stam Levi

¹Die seuns van Levi was Gerson, Kehat en Merari.

²Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

³Die kinders van Amram was Aäron, Moses en Mirjam. Die seuns van Aäron was Nadab, Abihu, Eleasar en Itamar.

⁴Die geslag van Eleasar loop dan oor Pinehas, Abisua,

⁵Bukki, Ussi,

⁶Seragja, Merajot,

⁷Amarja, Agitub,

⁸Sadok, Agimaäs,

⁹Asarja en Joganen

¹⁰tot by Asarja wat priester was in die tempel wat Salomo in Jerusalem gebou het.

¹¹Van Asarja af loop die geslag oor Amarja, Agitub,

¹²Sadok, Sallum,

¹³Gilkija, Asarja

¹⁴en Seraja tot by Josadak.

¹⁵Josadak is saam toe die Here Juda en Jerusalem deur Nebukadnesar laat wegvoer het.

Die Levitiese geslagte

¹⁶Die seuns van Levi was Gerson, Kehat en Merari.

¹⁷Hier volg die name van die seuns van Gerson: Libni en Simi.

¹⁸Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël.

¹⁹Die seuns van Merari was Magli en Musi. Die Levigeslagte volgens families is soos volg:

²⁰onder Gerson val Libni, Jagat, Simma,

²¹Joag, Iddo, Serag en Jeatrai.

²²Die Kehatgroep is Amminadab, Korag, Assir,

²³Elkana, Abiasaf, Assir,

²⁴Tagat, Uriël, Ussia en Saul.

²⁵Die Elkanagroep is Amasai, Agimot,

²⁶Elkana, Suf, Nagat,

²⁷Eliab, Jerogam en Elkana.

²⁸Die seuns van Samuel was Joël die oudste, en Abia die tweede.

²⁹Die Merarigroep is Magli, Libni, Simi, Ussa,

³⁰Sima, Gaggija en Asaja.

Die tempelsangers

³¹Dawid het die volgende manne aangestel om die sang waar te neem in die huis van die Here sodra die ark sy rusplek daar sou vind.

³²Hulle het ook gesorg vir die sang voor die heiligdom, die tent van ontmoeting, totdat Salomo die huis van die Here in Jerusalem gebou het. Hulle het hulle dienste verrig volgens 'n vaste reëling.

³³Die volgende manne het die diens verrig saam met hulle seuns: van die Kehatgroep was daar Heman die tempelsanger, seun van Joël seun van Samuel,

³⁴wie se geslag teruggaan oor Elkana, Jerogam, Eliël, Togu,

³⁵Suf, Elkana, Magat, Amasai,

³⁶Elkana, Joël, Asarja, Sefanja,

³⁷Tagat, Assir, Abiasaf, Korag,

³⁸Jishar en Kehat tot by Levi seun van Israel.

³⁹Heman se ampsgenoot Asaf het regs van hom gestaan. Asaf se geslag het teruggegaan tot by Levi oor Berekja, Sima,

⁴⁰Migael, Maäseja, Malkija,

⁴¹Etni, Serag, Adaja,

⁴²Etan, Simma, Simi,

⁴³Jagat en Gerson.

⁴⁴Hulle ampsgenote aan die linkerkant was die Merarigroep onder leiding van Etan, wie se geslag teruggaan oor Kusaja, Abdi, Malluk,

⁴⁵Gasabja, Amasia, Gilkija,

⁴⁶Amsi, Bani, Semer,

⁴⁷Magli en Musi tot by Merari seun van Levi.

Geslag van Aäron

⁴⁸Die tempelsangers se Levitiese ampsgenote is aangestel vir al die dienste van die heiligdom, die tempel van God.

⁴⁹Aäron en sy seuns alleen het egter die offerdiens waargeneem by die brandofferaltaar en die wierookaltaar, die diens by die besondere gewyde offers. So het hulle versoening vir Israel gedoen in ooreenstemming met alles wat Moses, die dienaar van God, beveel het.

⁵⁰Die geslag van Aäron was soos volg: Eleasar, Pinehas, Abisua,

⁵¹Bukki, Ussi, Seragja,

⁵²Merajot, Amarja, Agitub,

⁵³Sadok en Agimaäs.

Die woonplekke van die Leviete

(Vgl. Jos. 21:5-39)

⁵⁴Verder volg nou ook hulle woonplekke volgens hulle tentdorpe in hulle gebied. Omdat die lot hulle aangewys het, is vir die seuns van Aäron, die Kehatgeslag,

- ⁵⁵Hebron in Juda gegee met sy weivelde in sy omgewing.
- ⁵⁶Die lande van die stad met sy dorpies is egter aan Kaleb seun van Jefunne gegee.
- ⁵⁷Aan die Aärongeslag het hulle behalwe die asielstad Hebron ook nog gegee: Libna met sy weivelde, Jattir, Estemoa met sy weivelde,
- ⁵⁸Golon met sy weivelde, Debir met sy weivelde,
- ⁵⁹Asan met sy weivelde en Bet-Semes met sy weivelde,
- ⁶⁰en in die Benjamingebied ook nog Geba, Alemet en Anatot, elkeen met sy weivelde. Hulle het altesaam dertien stede vir hulle geslagte gehad.
- ⁶¹Aan die oorblywende Kehatgeslagte het hulle met die lot tien stede in die gebied van die halwe Manassestam toegewys.
- ⁶²Aan die Gersongeslagte het hulle in die stamgebiede van Issaskar, Aser en Naftali en in die stamgebied van Manasse in Basan dertien stede toegewys.
- ⁶³Aan die Merarigeslagte het hulle met die lot twaalf stede toegewys in die stamgebiede van Ruben, Gad en Sebulon.
- ⁶⁴Die Israeliete het vir die Leviëte die stede saam met hulle weivelde gegee.
- ⁶⁵Hulle het die stede wat opgenoem is, met die lot toegewys in die stamgebied van die Judeërs, die stamgebied van die Simeoniete en die stamgebied van die Benjaminiëte.
- ⁶⁶Wat die Kehatgeslagte betref, die stede waaroor hulle beskikking gehad het, was in die stamgebied van Efraim.
- ⁶⁷Aan hulle is die asielstad Sigem in die Efraimsberge gegee saam met sy weivelde, sowel as Geser,
- ⁶⁸Jokmeam, Bet-Goron,
- ⁶⁹Ajalon en Gat-Rimmon, elkeen met sy weivelde.
- ⁷⁰In die stamgebied van die halwe Manassestam is Aner met sy weivelde en Jibleam met sy weivelde aan die geslag van die oorblywende Kehatiëte gegee.

⁷¹Die Gersoniete het in die stamgebied van die halwe Manassestam Golan in Basan met sy weivelde gekry sowel as Astarot met sy weivelde;

⁷²in die stamgebied van Issaskar: Kedes, Daberat,

⁷³Ramot en En-Gannim;

⁷⁴in die stamgebied van Aser: Misal, Abdon,

⁷⁵Gukok en Regob;

⁷⁶in die stamgebied van Naftali: Kedes in Galilea, Gammon en Kirjatajim, elkeen met sy weivelde.

⁷⁷Die oorblywende Merariërs het in die stamgebied van Sebulon gekry: Rimmon met sy weivelde en Tabor met syne;

⁷⁸teenoor Jerigo, oos van die Jordaan, in die stamgebied van Ruben: Beser in die droëveld, Jahas,

⁷⁹Kedemot en Mefaät, elkeen met sy weivelde;

⁸⁰in die stamgebied van Gad: Ramot in Gilead, Maganajim,

⁸¹Gesbon en Jaser, elkeen met sy weivelde.

1 Kronieke 7

Die stam Issaskar

¹Issaskar se vier seuns was Tola, Puwwa, Jasub en Simron.

²Die seuns van Tola was Ussi, Refaja, Jeriël, Jagmai, Jibsam en Samuel. Volgens die stamboom was hulle familiehoofde van Tola, en hulle was strydbare manne. In Dawid se tyd was die getal van die geslag twee en twintig duisend ses honderd.

³Die seun van Ussi was Seragja en die seuns van Seragja was Migael, Obadja, Joël en Jissija. Hulle vyf was almal hoofde.

⁴Daar was naas hulle ook nog volgens hulle familiestamboom leërafdelings van ses en dertig duisend altesaam. Hulle het baie vrouens en kinders gehad.

⁵Hulle stamgenote in al die Issaskargeslagte was sewe en tagtig duisend strydbare manne, almal in die register opgeneem.

Die stam Benjamin

⁶Benjamin het drie seuns gehad: Bela, Beker en Jediael.

⁷Die vyf seuns van Bela was Esbon, Ussi, Ussiël, Jerimot en Iri. Hulle was die familiehoofde en strydbare manne. In die register is van hulle twee en twintig duisend vier en dertig opgeneem.

⁸Die seuns van Beker: Semira, Joas, Eliëser, Eljoënai, Omri, Jeremot, Abia, Anatot en Alemet. Hulle was almal seuns van Beker.

⁹In die register tel hulle volgens hulle stamboom, hulle familiehoofde, strydbare manne, twintig duisend twee honderd.

¹⁰Die geslag van Jediael was Bilhan en sy seuns Jeüs, Benjamin, Ehud, Kenaäna, Setan, Tarsis en Agisagar.

¹¹Hulle was almal seuns van Jediael. Hulle geslag was ingedeel volgens familiehoofde, en die strydbare manne, altesaam sewentien duisend twee honderd wat vir militêre diens opgeroep kon word.

¹²Hier hoort ook nog die Suppeërs en die Guppeërs, nakomelinge van Ir, en die Gusseërs, nakomelinge van Ager.

Die stam Naftali

¹³Naftali se seuns was Jagseël, Guni, Jeser en Sillem. Hulle was nakomelinge van Bilha.

Die stam Manasse

¹⁴Nou volg die geslag van Manasse. Sy vrou het Asriël in die wêreld gebring. Sy Aramese byvrou was die moeder van Makir, vader van Gilead.

¹⁵Makir het getrou met 'n vrou uit die Guppeërs en die Suppeërs, en sy suster se naam was Maäka. Die tweede seun se naam was Selofgad, maar hy het net dogters gehad.

¹⁶Makir se vrou Maäka was die moeder van 'n seun met die naam Peres, en sy broer se naam was Seres, en sy seuns was Ulam en Rekem.

¹⁷Die seun van Ulam was Bedan. Dit was dan die seuns van Gilead seun van Makir, seun van Manásse.

¹⁸Gilead se suster Moleket was die moeder van Ishod, Abiëser en Magla.

¹⁹Daar was ook seuns van Semida. Hulle was Agjan, Sekem, Likgi en Aniam.

Die stam Efraim

²⁰Die seun van Efraim was Sutelag, dié se seun Bered, dié se seun Tagat, sý seun Elada, sý seun Tagat,

²¹sý seun Sabad en sý seun Sutelag. Daar was ook nog Eser en Elad, maar hulle is deur die mense van Gat wat van geboorte af in die Efraimitiese gebied was, doodgemaak. Dit het gebeur toe hulle die mense van Gat se vee gaan steel het.

²²Eser en Elad se vader Efraim het lank oor hulle getreur, maar sy broers het hom kom troos.

²³Toe hy daarna met sy vrou gemeenskap gehad het, het sy swanger geword en 'n seun gekry. Hy het hom Beria genoem, omdat dit gebeur het toe daar 'n swaar tyd in sy huis was.

²⁴Sy dogter was Seëra. Sy het Bet-Goron-Onder en Bet-Goron-Bo gebou, en ook Ussen-Seëra.

²⁵Beria se seuns was Refag en Resef. Resef se seun was Telag, en sý seun Tagan.

²⁶Sý seun was Ladan, sý seun Ammihud, sý seun Elisama,

²⁷sý seun Nun en sý seun Josua.

²⁸Die gebied wat hulle besit en bewoon het, was Bet-El met die dorpies rondom hom, na die ooste toe Naära, na die weste toe Geser met die dorpies rondom hom, en verder Sigem met die dorpies rondom hom tot by Aja met sy dorpies.

Die woongebied van Manasse

²⁹In besit van Manasse was Bet-San, Taänak, Megiddo en Dor, elkeen met sy dorpies. In dié plekke het die nageslag van Josef seun van Israel gewoon.

Die stam Aser

³⁰Die seuns van Aser was Jimna, Jiswa, Jiswi en Beria. Hulle suster was Serag.

- ³¹Beria se seuns was Geber en Malkiël, wat die vader van Birsajit was.
- ³²Geber was die vader van Jaflet, Semer en Gotam, en van hulle suster Sua.
- ³³Die seuns van Jaflet was Pasak, Bimhal en Aswat; hulle was Jaflet se seuns.
- ³⁴Die seuns van Semer was Agi, Roga, Gubba en Aram.
- ³⁵Die seuns van sy broer Gotam was Sofag, Jimna, Seles en Amal.
- ³⁶Die seuns van Sofag was Suag, Garnefer, Sual, Beri, Jimra,
- ³⁷Beser, Hod, Samma, Silsa, Jitran en Beëra.
- ³⁸Die seuns van Jitran was Jefunne, Pispa en Ara.
- ³⁹Die seuns van Ulla was Arag, Ganniël en Risja.
- ⁴⁰Hulle was almal afstammelinge van Aser, familiehoofde, uitgelese strydbare manne, vorstelike leiers. Hulle is in die register opgeneem vir aktiewe oorlogsdienste. Hulle was ses en twintig duisend man.

1 Kronieke 8

Die stam Benjamin

- ¹Benjamin was die vader van Bela sy oudste, Asbel sy tweede, Agrag sy derde,
- ²Noga sy vierde, en Rafa sy vyfde.
- ³Bela se seuns was Ard, Gera, Abihud,
- ⁴Abisua, Naäman, Agoag,
- ⁵Gera, Sefufan en Guram.
- ⁶Nou volg die seuns van Egud. Hulle was familiehoofde van die inwoners van Geba en is as gevangenes weggevoer na Managat toe.
- ⁷Dit was Naäman, Agija en Gera wat weggevoer is. Gera was die vader van Ussa en Agigud.
- ⁸'n Sekere Sagarajim het in die Moabitiese gebied vader van kinders geword. Dit was nadat hy van sy vrouens Gusim en Baära geskei het.
- ⁹By sy vrou Godes was hy die vader van Jobab, Sibja, Mesa, Malkam,

- ¹⁰Jeüs, Sakeja en Mirma. Hierdie seuns van hom was familiehoofde.
- ¹¹By Gusim was hy die vader van Abitub en Elpaäl.
- ¹²Die seuns van Elpaäl was Eber, Misam en Semed. Hy het Ono en Lod met sy omliggende dorpies gebou.
- ¹³Verder was daar nog Beria en Sema. Hulle was familiehoofde van die inwoners van Ajalon en dit was hulle wat die inwoners van Gat op die vlug gejaag het.
- ¹⁴Dan was daar ook nog Agjo, Sasak, Jeremot,
- ¹⁵Sebadja, Arad, Eder,
- ¹⁶Migael, Jispa en Joga, seuns van Beria.
- ¹⁷Sebadja, Mesullam, Giski, Geber,
- ¹⁸Jismerai, Jislia en Jobab was afstammeling van Elpaäl.
- ¹⁹Verder was daar Jakim, Sikri, Sabdi,
- ²⁰Eliënai, Silletai, Eliël,
- ²¹Adaja, Beraja en Simrat, afstammeling van Simi.
- ²²Jispan, Eber, Eliël,
- ²³Abdon, Sikri, Ganani,
- ²⁴Gananja, Elam, Antotija,
- ²⁵Jifdeja en Penuel was afstammeling van Sasak.
- ²⁶Samserai, Segarja, Atalia,
- ²⁷Jaäresja, Elia en Sikri was afstammeling van Jerogam.
- ²⁸Hierdie manne was die familiehoofde volgens hulle stamboom. Hulle was leiers en het in Jerusalem gewoon.
- ²⁹In Gibeon het die vader van Gibeon gewoon. Sy vrou se naam was Maäka.
- ³⁰Sy oudste seun was Abdon, en die ander was Sur, Kis, Baäl, Nadab,
- ³¹Gedor, Agjo en Seker.

³²Miklot was die vader van Sima. Hulle het ook in Jerusalem gewoon, langs hulle stamgenote.

³³Ner was die vader van Kis, Kis die vader van Saul, en Saul die vader van Jonatan, Malkisua, Abinadab en Es-Baäl.

³⁴Meribbaäl was 'n seun van Jonatan en die vader van Miga.

³⁵Die seuns van Miga was Piton, Melek, Tagrea en Agas.

³⁶Agas was die vader van Jehoadda, en Jehoadda was die vader van Alemet, Asmawet en Simri. Simri was die vader van Mosa,

³⁷en Mosa die vader van Bina. Dié se seun was Rafa, sý seun Elasa, en dié se seun Asel.

³⁸Asel het ses seuns gehad. Hulle name was Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan. Dit is al Asel se seuns.

³⁹Sy broer Esek se seuns was Ulam, die oudste, Jeüs, die tweede, en Elifelet, die derde.

⁴⁰Die seuns van Ulam was strydbare manne en boogskutters. Hulle het baie kinders en kleinkinders gehad, honderd en vyftig altesaam. Al hierdie mense was afstammelinge van Benjamin.

1 Kronieke 9

Die Israelitiese families in Jerusalem na die ballingskap

¹Die hele Israel is in registers opgeneem. Hulle name staan opgeteken in die annale van die konings van Israel. Die Judeërs is na Babel toe weggevoer oor hulle troubreuk.

²Die eerste inwoners wat hulle daarna op hulle eie grond in hulle stede gevestig het, was naas die gewone Israeliete die priesters, die Leviëte en die tempelslawe.

³In Jerusalem het daar van die Judeërs, Benjaminiëte, Efraimiëte en Manassers gewoon:

⁴Utai seun van Ammihud, seun van Omri, seun van Imri, seun van Bani, uit die seuns van Peres seun van Juda;

⁵van die mense van Silo: Asaja, die oudste seun, en sy seuns;

⁶van die afstammeling van Serag: Jeüel en sy stamgenote, altesaam ses honderd en negentig;

⁷van die Benjaminiete: Sallu seun van Mesullam, seun van Hodauja, seun van Senua,

⁸en Jibneja seun van Jerogam, Ela seun van Ussi, seun van Mikri, en Mesullam seun van Sefatja, seun van Reüel, seun van Jibnija.

⁹Dan was daar ook nog hulle verwante volgens hulle stamboom, altesaam nege honderd ses en vyftig. Al hierdie manne was familiehoofde in hulle families.

Die priesters en die Leviëte in Jerusalem

¹⁰Van die priesters was daar Jedaja, Jojarib, Jakin

¹¹en Asarja seun van Gilkija, seun van Mesullam, seun van Sadok, seun van Merajot, seun van Agitub, die hoof van die tempel.

¹²Verder was daar Adaja seun van Jerogam, seun van Pasgur, seun van Malkija, en Masai seun van Adiël, seun van Jagsera, seun van Mesullam, seun van Mesillemot, seun van Immer.

¹³Hulle stamgenote, die hoofde van hulle families, was een duisend sewe honderd en sestig. Hulle was bekwame lede van die personeel vir die tempeldiens.

¹⁴Van die Leviëte was daar Semaja seun van Gassub, seun van Asrikam, seun van Gasabja uit die Merarigeslag;

¹⁵en Bakbakkar, Geres, Galal, Mattanja seun van Miga, seun van Sikri, seun van Asaf;

¹⁶en Abda seun van Sammua, seun van Galal, seun van Jedutun, en Berekja seun van Asa, seun van Elkana, wat in nedersettings van die Netofaners gewoon het.

¹⁷Die poortwagte was Sallum, Akkub, Talmon, Agiman en hulle ampsgenote. Sallum was die hoof

¹⁸en is dit nou nog by die oostelike koningspoort. Hulle was voorheen poortwagte by die Levitiese kwartiere.

¹⁹Sallum seun van Kore, seun van Abiasaf, seun van Korag, en sy verwante uit sy familie die Koragiete was verantwoordelik vir die dienswerk van die drumpelwagte by die tent, net soos hulle vaders wagte was by die ingang tot die kamp van die volk van die Here.

²⁰Vroeër was Pinehas seun van Eleasar hoof oor hulle. Die Here was by hom.

²¹Sagaria seun van Meselemja was wag by die ingang van die tent van ontmoeting.

²²Dié wat as poortwagte uitgesoek is, was altesaam twee honderd en twaalf. Hulle is in die register opgeneem volgens hulle nedersettings. Dit is hulle wat nog deur Dawid en die siener Samuel in hulle amp benoem was.

²³Hulle en hulle opvolgers was die wagte by die poorte van die huis van die Here, die tenthuis.

²⁴Daar was wagte by die poorte in elkeen van die vier windrigtings: oos, wes, noord en suid.

²⁵Hulle ampsgenote het in hulle eie nedersettings gebly en het hulle telkens sewe dae volgens 'n vaste program kom bystaan.

²⁶Die vier hoofwagte was Leviete en was amptelik in bevel van die poortwagte. Hulle was ook verantwoordelik vir die kamers en die voorrade van die tempel.

²⁷Hulle moes in die omgewing van die tempel slaap, want hulle was verantwoordelik vir die bewaking van die tempel en moes dit elke môre oopsluit.

²⁸Party van die Leviete moes vir die offergereedskap sorg, want hulle moes elke keer die regte getal voorsien en die regte getal terugneem.

²⁹Party van hulle moes vir die ander gereedskap sorg, al die gereedskap wat in die heiligdom gebruik is, en vir die meel, die wyn, die olie, die wierook en die speserye.

³⁰Party lede van die priesterorde het die speserysalf gemeng.

³¹Een van die Leviete, Mattitja, en die oudste seun van die Koragiet Sallum, was amptelik verantwoordelik vir die bakkery.

³²Van hulle ampsgenote uit die Kehatgeslag moes sorg dat die offerbrood elke sabbat reggesit word.

³³Sommige Levitiese familiehoofde was verantwoordelik vir die tempelsang. Hulle het in die kamers gebly, en was vrygestel van ander diens sodat hulle voltyds aandag kon gee aan hulle taak.

³⁴Dit is dan die Levitiese familiehoofde wat volgens hulle stamboom die leiers was. Hulle het in Jerusalem gewoon.

Die afkoms en geslag van Saul

³⁵Jeïel die vader van Gibeon het in die stad Gibeon gewoon. Sy vrou se naam was Maäka.

³⁶Sy oudste seun was Abdon, en verder was daar Sur, Kis, Baäl, Ner, Nadab,

³⁷Gedor, Agjo, Seker en Miklot.

³⁸Miklot was die vader van Sima. Hulle met hulle verwante het by hulle ampsgenote in Jerusalem gewoon.

³⁹Ner was die vader van Kis, en Kis die vader van Saul. Saul was die vader van Jonatan, Malkisua, Abinadab en Es-Baäl.

⁴⁰Jonatan se seun was Meribbaäl en Meribbaäl was die vader van Miga.

⁴¹Die seuns van Miga was Piton, Melek, Tagrea

⁴²en Agas, vader van Jehoadda. Jehoadda was die vader van Alemet, Asmawet en Simri. Simri was die vader van Mosa,

⁴³en Mosa die vader van Bina. Dié se seun was Refaja, sý seun Elasa, en sý seun Asel.

⁴⁴Asel het ses seuns gehad. Hulle name was Asrikam, Bokeru, Ismael, Searja, Obadja en Ganan. Hulle was die seuns van Asel.

1 Kronieke 10

Die dood van Saul

(Vgl. 1 Sam. 31:1-13)

¹Die Filistyne het Israel aangeval. Die Israeliete het vir hulle gevlug, en van die manskappe het op Gilboaberg gesneuwel.

²Toe het die Filistyne op Saul en sy seuns toegesak. Hulle het Saul se seuns Jonatan, Abinadab en Malkisua neergevel

³en toe die aanval op Saul toegespits. Die boogskutters het hom in die oog gekry en hy het bang vir hulle geword,

⁴en vir sy wapendraer gesê: “Trek jou swaard en steek my daarmee dood dat daardie heidene nie kom en my in oneer laat sterf nie.” Maar sy wapendraer wou nie, want hy was baie bang. Saul vat toe self die swaard en val daarin.

⁵Toe sy wapendraer sien Saul is dood, val hy ook in sy swaard en sterf.

⁶So is Saul en sy drie seuns, ja, al sy seuns, saam dood.

⁷Die Israeliete wat in die laagte gewoon het, het gesien dat die manskappe gevlug het en dat Saul en sy seuns dood is. Hulle het toe hulle stede verlaat en ook gevlug, en die Filistyne het die stede beset en daar gaan woon.

⁸Toe die Filistyne die dag na die geveg die lyke kom stroop, kry hulle Saul en sy seuns daar waar hulle op Gilboaberg geval het.

⁹Die Filistyne het hom ook gestroop, sy kop en sy wapens saamgevat en dié in die land van die Filistyne rondgestuur om die goeie nuus aan hulle afgode en hulle mense bekend te maak.

¹⁰Daarna het hulle sy wapenrusting in hulle tempel gesit en sy kopbeen teen die Dagonstempel vasgeslaan.

¹¹Toe die mense van Jabes in Gilead hoor wat die Filistyne alles met Saul gedoen het,

¹²het die weerbare manne almal gegaan en die lyk van Saul en dié van sy seuns na Jabes toe gebring. Hulle het hulle onder 'n groot boom in Jabes begrawe en daarna sewe dae lank gevas.

¹³Saul is dood oor die troubreuk wat hy teenoor die Here begaan het deurdat hy aan die bevel van die Here ongehoorsaam was, en ook deurdat hy raad gevra het by 'n gees

¹⁴in plaas van die Here te raadpleeg. Daarom het die Here hom doodgemaak en sy koningskap laat oorgaan op Dawid seun van Isai.

1 Kronieke 11

Dawid word tot koning gekroon en neem Jerusalem in

(Vgl. 2 Sam. 5:1-3,6-10)

¹Die hele Israel het gesamentlik na Dawid toe gekom in Hebron en gesê: “Ons is tog almal u eie mense!

²Selfs in die tyd toe Saul koning was, was u tog maar die een wat vir Israel in die oorlog aangevoer het. Die Here u God het vir u gesê: “Jy moet vir my volk Israel 'n herder wees, ja, jy moet heerser oor my volk Israel wees.”

³So het al die leiers van Israel by die koning in Hebron gekom. Toe het Dawid in Hebron in teenwoordigheid van die Here 'n verdrag met hulle gesluit. Daarna het hulle vir Dawid daar tot koning oor Israel gesalf. Dit was in ooreenstemming met die belofte van die Here deur Samuel.

⁴Dawid en die hele Israel het toe opgetrek teen Jerusalem, dit is Jebus. Die Jebusiete, oorspronklike inwoners van die land, het toe daar gewoon.

⁵Die inwoners van Jebus het vir Dawid gesê: “Hier sal jy nie inkom nie.” Tog het Dawid die Sionsvesting ingeneem: dié is nou die Dawidstad.

⁶Dawid het destyds gesê: “Enigeen wat die eerste 'n Jebusiet neerver, word leier en aanvoerder!” Joab seun van Seruja het toe eerste die stad ingegaan en hy het leier geword.

⁷Omdat Dawid toe in die vesting gaan woon het, noem hulle dit die Dawidstad.

⁸Hy het die stad rondom uitgebou, van die terras af verder, en Joab het die res van die stad herstel.

⁹Dawid het al hoe sterker geword, en die Here die Almagtige was by hom.

Dawid se dapper manne

(Vgl. 2 Sam. 23:8-39)

¹⁰Nou volg iets oor die leiers van Dawid se dapper manne. Hulle was sterk ondersteuners van sy koningskap en saam met die hele Israel het hulle hom op die troon geplaas, soos die Here aan Israel beloof het.

¹¹Hier is 'n lys van die dapper manne: Jasobam seun van Gakmoni was hoof van die dertigtal. Hy het met sy spies drie honderd man in een veldslag laat sneuwel.

¹²Eleasar seun van Dodo uit Agoag was onder hom. Hy was een van die drie helde.

¹³Hy was by Dawid in Efes-Dammim toe die Filistyne daar vir die geveg bymekaargekom het. Daar was 'n stuk land vol gars, en toe die manskappe op die vlug slaan vir die Filistyne,

¹⁴het die drie dapper manne binne in die land stelling ingeneem en dit behou. Hulle het die Filistyne verslaan, en so het die Here vir hulle 'n groot oorwinning gegee.

¹⁵Op 'n keer het drie ander van die dertig leiers na Dawid toe gekom by die rots by die Adullamgrot. Die Filistynse kamp was in die Spooklaagte opgeslaan.

¹⁶Dawid was toe in 'n bergskuiling en die Filistyne het Betlehem beset.

¹⁷Dawid het baie dors geword en gesug: “Ag, as iemand my tog net water uit die put in Betlehem se poort kon laat drink! ”

¹⁸Die drie het toe deur die Filistynse kamp geglip en water gaan skep uit die put in Betlehem se poort. Hulle het dit vir Dawid gebring, maar hy wou dit nie drink nie. Hy het dit as 'n offer vir die Here uitgegiet

¹⁹en gesê: “Mag God my daarvan bewaar dat ek dit sou drink. Sou ek die bloed van hierdie manne ten koste van hulle lewens wou drink? Hulle het dit met

lewensgevaar gebring, en ek durf dit nie drink nie.” Dit is wat die drie helde gedoen het.

²⁰Joab se broer Abisai was die leier van hierdie drie. Hy het met sy spies drie honderd man laat sneuwel. So het hy vir hom onder die drie naam gemaak.

²¹Hy het 'n ereplek gehad in die tweede drietal en was hulle aanvoerder, maar een van die driemanskap het hy nie geword nie.

²²Benaja seun van Jojada was die seun van 'n krygsman. Hy was 'n man van baie dade, afkomstig uit Kabseël. Dit is hy wat die twee sterk manne van Moab doodgemaak het, en hy wat op 'n sneeudag in 'n put afgeklim en die leeu wat daarin was, doodgemaak het.

²³Hy het ook 'n Egiptenaar wat twee en 'n kwart meter lank was, doodgemaak. Die Egiptenaar het nogal 'n spies in sy hand gehad, so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel, terwyl Benaja hom net met 'n stok gepak het. Hy het die spies uit die Egiptenaar se hand geruk en hom met sy eie spies van kant gemaak.

²⁴Dit het Benaja seun van Jojada gedoen. So het hy vir hom onder die drie helde naam gemaak.

²⁵Hy het 'n hoër rang gehad as die res van die dertig, maar een van die driemanskap het hy nie geword nie. Dawid het hom oor sy lyfwag aangestel.

²⁶Die dapper manne was: Asael broer van Joab; Elganan seun van Dodo uit Betlehem;

²⁷Samma uit Garod; Geles uit Pelet;

²⁸Ira seun van Ikkes uit Tekoa; Abiëser uit Anatot;

²⁹Sibbekai uit Gusa; Ilai uit Agoag;

³⁰Marai uit Netofa; Geled seun van Baäna uit Netofa;

³¹Ittai seun van Ribai uit Gibeä in Benjamin; Benaja uit Piraton;

³²Hiddai uit Nagale-Gaäs; Abi-Albon uit Bet-Araba;

³³Asmawet uit Bagurim; Eljagba uit Saälbon,

- ³⁴die seuns van Jasen uit Gison; Jonatan seun van Sage uit Harar;
- ³⁵Agiam seun van Sarar uit Harar; Elifal seun van Ur;
- ³⁶Gefer uit Mekera; Agija uit Pelon;
- ³⁷Gesro uit Karmel; Naärai seun van Esbai;
- ³⁸Joël broer van Natan; Mibgar seun van Hagri;
- ³⁹Selek die Ammoniet; Nagrai uit Beërot, wapendraer van Joab seun van Seruja;
- ⁴⁰Ira uit Jeter; Gareb uit Jeter;
- ⁴¹Urija die Hetiet; Sabad seun van Aglai;
- ⁴²Adina seun van Sisa uit Ruben, 'n Rubenitiese hoofman, in bevel van dertig;
- ⁴³Ganan seun van Maäka; Josafat die Mitneër;
- ⁴⁴Ussia uit Astarot; Sama en Jeïel, seuns van Gotam uit Aroër;
- ⁴⁵Jediael seun van Simri; sy broer Joga uit Tis;
- ⁴⁶Eliël uit Magawi; Jeribai en Josauja, seuns van Elnaäm; Jitma die Moabiet;
- ⁴⁷Eliël, Obed en Jaäsiël uit Soba.

1 Kronieke 12

Die volgelinge van Dawid wat in Siklag by hom aangesluit het

- ¹Die volgende manne het al in Siklag by Dawid aangesluit toe hy nog verban was deur Saul seun van Kis. Hulle het tot Dawid se groep dapper manne behoort en was sy strydmaakkers in die oorlog.
- ²Hulle was bewapen met pyl en boog en kon ewe goed met die regter- as met die linkerhand slingervel gooi en boog skiet. Hulle was van Saul se stamgenote uit Benjamin.
- ³Die leier was Agiëser; verder was daar Joas seun van Semaä uit Gibeä; Jesiël en Pelet, seuns van Asmawet; Beraka, Jehu uit Anatot,

⁴Jismaja uit Gibeon, 'n held onder die dertig helde en selfs beter as hulle; Jeremia, Jagasiël, Joganan, Josabad uit Gedera,

⁵Elusai, Jerimot, Bealja, Semarja, Sefatja uit Garif;

⁶Elkana, Jissija, Asarel, Joëser en Jasobam uit Korag;

⁷Joëla en Sebadja, seuns van Jerogam, uit Gedor.

⁸Daar het ook van die Gadiete oorgeloop na Dawid toe, na sy bergskuiling toe in die woestyn. Hulle was helde, krygsmanne, reg vir oorlog, bewapen met 'n groot skild en 'n spies, vreesaanjaend soos leeus en so vinnig soos wildsbokke op die berge.

⁹Eser was die hoof, Obadja tweede in rang, Eliab derde,

¹⁰Mismanna vierde, Jeremia vyfde,

¹¹Attai sesde, Eliël sewende,

¹²Joganan agste, Elsabad negende,

¹³Jeremia tiende, Makbannai elfde.

¹⁴Hulle was van die mense uit Gad, hoofmanne van die leër; die kleinste van hulle kon man-alleen staan teen honderd, die grootste teen duisend.

¹⁵Dit was hulle wat in die reëntyd die Jordaan oorgesteek het toe hy vol was tot oor altwee sy walle en al die laagtes oos en wes volgestoot het.

¹⁶Toe daar van die Benjamins en Judeërs na Dawid toe gekom het in die bergskuiling,

¹⁷het hy na hulle toe uitgekom en geroep: “As julle in vrede na my toe gekom het om my te help, is ons bondgenote en is ek bereid om julle leier te wees, maar as julle gekom het om my aan my vyande te verrai, terwyl ek geen misdaad begaan het nie, mag die God van ons voorvaders dit dan raaksien en julle straf.”

¹⁸Daarna het die Gees vir Amasai, die leier van die dertig, in besit geneem, en hy het gesê: “Vír u, Dawid! Bý u, seun van Isai! Vrede, vrede vir u, en vrede

vir hom wat by u staan, want u God help u! ” Dawid het hulle toe aanvaar en hulle opgeneem onder die leiers van sy bende.

¹⁹Uit Manasse het mense na Dawid toe oorgeloop toe hy saam met die Filistyne op die veldtog teen Saul uitgetrek het. Hy het egter nie die Filistyne gehelp nie, want hulle regeerders het hom doelbewus weggestuur. Hulle het gesê: “Hy sal na sy koning Saul toe oorloop met ons koppe.”

²⁰Dawid is toe na Siklag toe en daar het die volgende mense uit Manasse na hom toe oorgeloop: Adnag, Josabad, Jediael, Migael, Josabad, Elihu en Silletai, leiers van afdelings in Manasse.

²¹Hulle het Dawid gehelp en het aanvoerders van sy bende geword, want hulle was almal strydbare manne.

²²Daar het van dag tot dag mense by Dawid aangekom om hom te help, totdat dit 'n groot leer geword het, 'n magtige leer.

Die volksleër wat in Hebron by Dawid aangesluit het

²³Hier volg die getalle van die hoofmanne van die gewapende mag wat in Hebron na Dawid toe gekom het om die koningskap van Saul op hom oor te dra volgens die wil van die Here:

²⁴Judeërs, gewapen met grootskild en spies: 6.800, ten volle gewapen;

²⁵van die Simeoniete, strydbare manne gereed vir aktiewe diens: 7.100;

²⁶van die Leviete: 4.600;

²⁷ook nog Jojada, die Aäronitiese vors met 3.700 man by hom,

²⁸en die jong Sadok, 'n strydbare man, met sy familie onder 22 aanvoerders;

²⁹van die Benjaminiete, Saul se stamgenote: 3.000. Tot in dié stadium het die meeste van hulle trou gebly aan die huis van Saul.

³⁰Van die Efraimiete was daar 20.800, almal strydbare manne, gesiene mense in hulle families;

³¹van die halwe Manassestam: 18.000 wat afgevaardig was om Dawid te kom koning maak;

³²van die Issaskarstam, die mense wat die tekens van die tye verstaan het en geweet het wat Israel te doen staan: 200 van hulle hoofmanne en al hulle stamgenote onder hulle bevel;

³³van Sebulon: 50.000 man wat slaggereed was en met alle wapens toegerus was vir die oorlog. Sonder om twee keer te dink, het hulle saam in 'n geveg ingestorm.

³⁴Van Naftali was daar 1.000 aanvoerders en saam met hulle 37.000 man met grootskild en spies;

³⁵van die Danniete: 28.600 gewapende man;

³⁶van Aser: 40.000 man, slaggereed en gewapen;

³⁷van oorkant die Jordaan af, van die Rubeniete, Gadiete en die halwe Manassestam: 120.000, toegerus met alle wapens.

³⁸Al hierdie krygsmanne het saamgestaan en met volle oorgawe na Hebron toe gekom om Dawid koning oor die hele Israel te maak. Die hele res van Israel was dit daarmee eens dat Dawid koning gemaak moes word.

³⁹Drie dae lank was hulle daar by Dawid en het hulle geëet en gedrink, want hulle volksgenote het hulle onthaal.

⁴⁰Hulle verwante selfs van Issaskar, Sebulon en Naftali af het kos aangebring op donkies, kamele, muile en beeste. Daar was volop meel, vyekoeke, rosyntjiekoeke, wyn en olie, grootvee en kleinvee, want daar was groot vreugde in Israel.

1 Kronieke 13

Dawid se eerste poging om die ark na Jerusalem toe te bring

(Vgl. 2 Sam. 6:1-10)

¹Daarna het Dawid met die aanvoerders van duisend en dié van honderd beraadslaag, met elke leier.

²Hy het vir die volle volksvergadering van Israel gesê: “As julle dink dit is goed, en as die Here ons God sy goedkeuring gee, laat ons die saak nou aanpak en boodskappers stuur na ons ander volksgenote toe in al die gebiede van Israel,

dat hulle, en saam met hulle die priesters en die Leviete wat in hulle dorpe met weivelde woon, hier by ons moet bymekaarkom.

³Dan bring ons die ark van ons God na ons toe terug; in Saul se tyd het ons ons nie daaroor bekommer nie.”

⁴Die volle vergadering het hom bereid verklaar om dit te doen, want die hele volk het gedink dis reg.

⁵So het Dawid dan die hele Israel, van Sigorspruit aan die Egiptiese grens af tot by Lebo-Hamat, bymekaargebring om die ark van God in Kirjat-Jearim te gaan haal.

⁶Dawid en die hele Israel het opgetrek na Baäla toe, na Kirjat-Jearim toe wat in Juda lê, om die ark te gaan haal. Dit is die ark van die Here God wat oor die gerubs troon; sy Naam is oor die ark uitgeroep.

⁷Hulle het die ark van God op 'n nuwe wa vervoer van die huis van Abinadab af. Ussa en Agjo het die wa gedrywe.

⁸Dawid en die hele Israel het uitbundig voor die ark van God uit gedans, begelei deur liedere, liere, harpe, tamboeryne, simbale en trompette.

⁹Toe hulle by Nakon se dorsvloer kom, het Ussa die ark met sy hand teëgehou, want die osse het gestruikel.

¹⁰Die toorn van die Here het teen Ussa ontvlam; die Here het hom getref omdat hy met sy hand aan die ark geraak het, en hy het daar langs die ark gesterf.

¹¹Dawid was diep ontsteld omdat die Here vir Ussa so weggeskeur het en hy het daardie plek genoem Ussa-se-Skeur. Dit is nou nog die naam.

¹²Dawid het daardie dag bang geword vir God en gesê: “Hoe kan ek die ark van God nou na my toe bring? ”

¹³Hy het toe nie die ark na hom toe in die Dawidstad laat inkom nie en het dit laat wegdraai na die huis van Obed-Edom toe wat uit Gat afkomstig was.

¹⁴Die ark van God het drie maande in Obed-Edom se huis gestaan, en God het hom en alles wat hy gehad het, voorspoedig gemaak.

1 Kronieke 14

Die paleis van Dawid en die uitbreiding van sy gesin

(Vgl. 2 Sam. 5:11-16)

¹Koning Hiram van Tirus het 'n afvaardiging na Dawid toe gestuur, en ook sederhout, geskoolde messelaars en skrynwerkers om vir hom 'n huis te bou.

²Dawid het toe besef dat die Here hom as koning oor Israel bevestig het, want sy koningskap het hoë aansien gekry ter wille van die Here se volk Israel.

³In Jerusalem het Dawid met nog vrouens getrou en het hy die vader van nog seuns en dogters geword.

⁴Hier is die name van die kinders wat in Jerusalem vir hom gebore is: Sima, Sobab, Natan, Salomo,

⁵Jibgar, Elisua, Elpelet,

⁶Noga, Nefeg, Jafia,

⁷Elisama, Eljada en Elifelet.

Veldslae teen die Filistyne

(Vgl. 2 Sam. 5:17-25)

⁸Toe die Filistyne verneem dat Dawid tot koning oor die hele Israel gesalf is, het hulle almal teen hom opgetrek. Dawid het dit gehoor en hulle tegemoet getrek.

⁹Die Filistyne het in die Spooklaagte aangekom en daar ontplooi.

¹⁰Dawid het God geraadpleeg en gevra: “Moet ek teen die Filistyne opruk? Sal U hulle in my mag oorgee?” Die Here het hom geantwoord: “Trek op, Ek gee hulle aan jou oor.”

¹¹Die Filistyne het toe opgetrek na 'n groot kloof en daar het Dawid hulle verslaan. Dawid het daarna gesê: “God het my vyande met my hand gekloof soos water 'n wal kloof!” Dit is waarom hulle daardie plek Grootkloof noem.

¹²Die Filistyne het in hulle haas selfs hulle gode daar gelos. Dawid het opdrag gegee dat die gode verbrand moet word, en dit is gedoen.

¹³Toe die Filistyne weer 'n keer in die laagte ontplooi,

¹⁴het Dawid God weer geraadpleeg. God het vir hom gesê: “Moenie agter hulle aan optrek nie; maak 'n omsingelingsbeweging van hulle af weg en val hulle aan regoor die melkbosse.

¹⁵Wanneer jy 'n geritsel in die toppe van die melkbosse hoor, moet jy aanval, want dan trek God voor jou uit om die leër van die Filistyne te verslaan.”

¹⁶Dawid het gemaak soos God gesê het, en hulle het die Filistyne verslaan van Gibeon af tot by Geser.

¹⁷Dawid se roem het na alle lande toe versprei, en die Here het al die nasies vir hom ontsag laat kry.

1 Kronieke 15

Dawid bring die ark na Jerusalem toe

(Vgl. 2 Sam. 6:12-20)

¹Dawid het vir hom huise opgerig in die Dawidstad. Hy het ook 'n plek vir die ark van God gereed gemaak en 'n tent daarvoor opgeslaan.

²Dit was toe dat Dawid bepaal het dat niemand behalwe die Leviëte die ark van God mag dra nie, omdat die Here hulle uitgekies het om sy ark te dra en vir altyd daarby diens te doen.

³Dawid het die hele Israel in Jerusalem laat bymekaarkom om die ark van die Here na die plek toe te bring wat hy daarvoor reggemaak het.

⁴Hy het die Aäroniëte en die Leviëte laat bymekaarkom:

⁵van die Kehatgroep was daar die leier Uriël met sy honderd en twintig ampsgenote,

⁶van die Merarigroep die leier Asaja met sy twee honderd en twintig,

⁷van die Gersongroep die leier Joël met sy honderd en dertig,

⁸van die Elisafangroep die leier Semaja met sy twee honderd,

⁹van die Hebrongroep die leier Eliël met sy tagtig,

¹⁰en van die Ussiëlgroep die leier Amminadab met sy honderd en twaalf ampsgenote.

- ¹¹Toe het Dawid die priesters Sadok en Abjatar en die Leviëte Uriël, Asaja, Joël, Semaja, Eliël en Amminadab geroep
- ¹²en vir hulle gesê: “Julle is die familiehoofde van die Leviëte. Reinig julle en julle ampsgenote en bring die ark van die Here die God van Israel na die plek toe wat ek daarvoor reggemaak het.
- ¹³Omdat julle dit nie die eerste keer al gedoen het nie, het die Here ons God iemand van ons weggeskeur, want ons het nie op die regte manier na die wil van God gevra nie.”
- ¹⁴Die priesters en die Leviëte het hulle toe gereinig om die ark van die Here die God van Israel te gaan haal.
- ¹⁵Die Leviëte het die ark van God met draaghoute op hulle skouers gedra soos Moses beveel het in ooreenstemming met die opdrag van die Here.
- ¹⁶Verder het Dawid die hoofde van die Leviëte beveel om hulle ampsgenote, die sangers, te laat aantree met musiekinstrumente, harpe, liere en simbale, om die feesvreugde hard te laat weergalm.
- ¹⁷Die Leviëte het toe die volgende manne laat aantree: Heman seun van Joël; uit sy ampsgenote Asaf seun van Berekja; uit die Merarigroep hulle ampsgenoot Etan seun van Kusaja.
- ¹⁸Hulle is bygestaan deur hulle ampsgenote van laer rang, die poortwagte Sagaria, Jaäsiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Benaja, Maäseja, Mattitja, Elifele, Mikneja, Obed-Edom en Jeïel.
- ¹⁹Die sangers Heman, Asaf en Etan het die kopersimbale geslaan.
- ²⁰Sagaria, Jaäsiël, Semiramot, Jegiël, Unni, Eliab, Maäseja en Benaja het die harpe met die hoë toon bespeel.
- ²¹Mattitja, Elifele, Mikneja, Obed-Edom, Jeïel en Asasja het die liere met die laer toon ter begeleiding bespeel.
- ²²Kenanja was leier van die Leviëte wat die drawerk gedoen het. Hy het die werk gereël, want hy het geweet hoe.

²³Berekja en Elkana was poortwagte by die ark.

²⁴Die priesters Sebanja, Josafat, Netanel, Amasai, Sagaria, Benaja en Eliëser het die trompette geblaas voor die ark van God uit. Obed-Edom en Jegija was ook poortwagte by die ark.

²⁵Dawid, die leiers van Israel en die aanvoerders van duisend het die verbondsark van die Here in feestelike stemming uit die huis van Obed-Edom gaan inbring.

²⁶Hulle het sewe bulle en sewe ramme geoffer om God se hulp te vra vir die Leviëte wat die verbondsark van die Here gedra het.

²⁷Dawid het 'n mantel van fyn linne aangehad, so ook al die Leviëte wat die ark gedra het, die sangers, en Kenanja, wat in bevel was van die sangers. Dawid het ook nog 'n linneskouerkleed gedra.

²⁸So het die hele Israel die verbondsark van die Here ingebring met feeskrete, ramshoring- en trompetgeskal, simbaalslae en die musiek van harpe en liere.

²⁹Terwyl die verbondsark van die Here die Dawidstad ingekom het, het Saul se dogter Mikal deur die venster afgekyk. Sy het koning Dawid gesien terwyl hy spring en dans, en sy het hom in stilte verag.

1 Kronieke 16

Die feesviering met die inbring van die ark

(Vgl. 2 Sam. 6:17-19)

¹Die Leviëte het die ark van God ingebring en dit neergesit binne-in die tent wat Dawid daarvoor opgeslaan het. Daarna het hulle vir God brandoffers en maaltydoffers gebring.

²Nadat Dawid klaar 'n brandoffer en 'n maaltydoffer gebring het, het hy die volk geseën in die Naam van die Here.

³Hy het aan elke Israeliet, man en vrou, 'n ringbrood, 'n bietjie dadels en 'n tros rosyntjies laat uitdeel.

⁴Hy het ook van die Leviëte aangewys om voor die ark van die Here diens te doen. Hulle moes die Here die God van Israel roem, loof en prys.

⁵Asaf was die leier, Sagaria was tweede in bevel. Verder was daar Jeïel, Semiramot, Jegiël, Mattitja, Eliab, Benaja, Obed-Edom en Jeïel, almal met harpe en liere. Asaf het die simbale geslaan.

⁶Die priesters Benaja en Jagasiël het aanhoudend op die trompette geblaas voor die verbondsark van God uit.

Die lied “Loof die Here”

(Vgl. Ps. 105:1-15; 96:1-13; 106:47-48)

⁷Dit was op daardie selfde dag dat Dawid die eerste keer die “Loof die Here” deur Asaf en sy ampsgenote laat sing het:

⁸Loof die Here. Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het.

⁹Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige daade.

¹⁰Roem sy heilige Naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees.

¹¹Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.

¹²Julle moet dink aan die magtige daade wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel,

¹³julle, nageslag van Israel, sy dienaar, nakomelinge van Jakob vir wie Hy uitverkies het.

¹⁴Hy, die Here, is ons God, sy reddingsdade strek oor die hele aarde.

¹⁵Onthou, sy verbond is vir altyd, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het,

¹⁶die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak.

¹⁷Hy het dit vir Jakob bevestig as 'n vaste toesegging, vir Israel as verbond wat altyd sal bestaan.

¹⁸Hy het gesê: “Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied en eiendom,

¹⁹al is julle maar min, net 'n paar mense, en vreemdelinge in die land.”

²⁰Toe hulle van volk na volk geswerf het, van die gebied van die een volk na dié van 'n ander,

²¹het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie, en het Hy selfs konings ter wille van hulle gewaarsku:

²²“Moenie aan my gesalfdes raak nie, moenie my profete kwaad aandoen nie!”

²³Sing tot eer van die Here, almal op aarde! Verkondig elke dag sy reddingsdade!

²⁴Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade.

²⁵Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode.

²⁶Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het.

²⁷Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en vreugde vul die plek waar Hy is.

²⁸Prys die Here, alle volke, prys die Here om sy eer en mag!

²⁹Prys die Here om die eer van sy Naam! Kom na Hom toe, bring vir Hom offers! Buig voor die Here by sy heilige verskyning;

³⁰betoon eerbied aan Hom, almal op aarde. Die wêreld staan vas, dit wankel nie.

³¹Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, hulle moet onder die nasies verkondig: “Die Here regeer.”

³²Die see en alles daarin moet druis, die veld en alles daarop moet jubel,

³³die bome in die bos moet hulle verheug voor die Here, want Hy kom om oor die aarde te heers.

³⁴Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

³⁵Julle moet sê: “Red ons, o God, ons Verlosser, maak ons bymekaar, red ons van die nasies, dat ons u heilige Naam kan loof en ons in u lof kan verheug.”

³⁶Aan die Here die God van Israel kom die lof toe van ewigheid tot ewigheid!
Toe het die hele volk gesê: “Amen! Prys die Here! ”

³⁷Dawid het vir Asaf en sy ampsgenote daar voor die verbondsark van die Here laat bly om voltyds voor die ark diens te doen soos dit van dag tot dag nodig sou wees;

³⁸so ook vir Obed-Edom met sy ag en sestig ampsgenote. Obed-Edom seun van Jedutun en Gosa was poortwagte.

³⁹Dawid het die priester Sadok met sy ampsgenote die priesters voor die tabernakel van die Here op die hoogte in Gibeon laat bly

⁴⁰om gereeld soggens en saans vir die Here brandoffers te bring op die brandofferaltaar, soos dit voorgeskryf is in die wet van die Here wat Hy Israel beveel het.

⁴¹Saam met hulle het hy Heman en Jedutun en die ander manne wat gekeur en by name aangewys is, daar laat bly om die Here te loof: “Want aan sy liefde is daar geen einde nie.”

⁴²Heman en Jedutun was in beheer van die trompette en simbale en die ander instrumente om die lied ter ere van God te begelei. Die volgelingen van Jedutun was by die poort.

⁴³Hierna is almal huis toe, en Dawid het teruggegaan om sy gesin te sien.

1 Kronieke 17

Dawid wil vir die Here 'n huis bou

(Vgl. 2 Sam. 7:1-29)

¹Terwyl Dawid op 'n keer in sy huis sit, sê hy vir die profeet Natan: “Kyk, ek woon in 'n huis wat met sederhout versier is, maar die verbondsark van die Here staan in 'n tent.”

²Natan het Dawid geantwoord: “Doen gerus alles wat u in gedagte het. God is by u.”

³Dieselfde nag het egter iets gebeur: die woord van God het tot Natan gekom en vir hom gesê:

⁴“Gaan sê vir my dienaar Dawid: So sê die Here: Nie jý sal vir My die huis bou om in te woon nie.

⁵Van die dag af dat Ek Israel hierheen laat trek het tot vandag toe het Ek nie in 'n huis gewoon nie. Ek het van tent na tent en van woonplek na woonplek gegaan.

⁶Het Ek ooit terwyl Ek saam met die Israeliete rondgeswerf het, vir een van die leiers wat Ek beveel het om die leiding van my volk Israel op hom te neem, gesê: ‘Waarom bou julle nie vir My 'n huis wat met sederhout versier is nie?’

⁷“Nou moet jy vir my dienaar Dawid sê: So sê die Here die Almagtige: Ek het jou uit die weiveld agter die kleinvee weggevat om oor my volk Israel te heers.

⁸Oral waar jy gegaan het, was Ek by jou; al jou vyande het Ek voor jou oë uitgedelg. Ek het jou so beroemd gemaak soos die grotes op die aarde.

⁹Ek het 'n woonplek aan my volk Israel gegee en hom gevestig, sodat hy sonder vrees in sy plek kan woon. Slegte mense sal hom nie meer verdruk soos voorheen

¹⁰toe Ek leiers oor my volk Israel aangestel het nie. Ek sal al jou vyande onderwerp. Ek maak aan jou bekend dat die Here vir jou 'n koningshuis sal vestig.

¹¹Wanneer jou tyd daar is om by jou voorvaders te rus, sal Ek een van jou nageslag, jou eie seun, koning maak en aan hom 'n bestendige koningskap gee.

¹²Hy sal vir My 'n huis bou en Ek sal sy troon blywend vestig.

¹³Ek sal vir hom 'n vader wees en hy sal vir My 'n seun wees. My trou sal Ek nie aan hom onttrek nie, soos Ek dit aan jou voorganger onttrek het.

¹⁴Ek gee hom 'n blywende plek in my huis en my koninkryk. Sy troon sal altyd voortbestaan.”

¹⁵Volgens hierdie openbaring het Natan die hele boodskap aan Dawid oorgedra.

¹⁶Daarna het koning Dawid ingegaan en voor die Here gaan sit en gesê: “Wie is ek, Here God, en wie is my nageslag dat U my so ver gebring het?”

¹⁷Selfs dit was vir U nog nie genoeg nie, o God: U het ook nog vir die nageslag van u dienaar tot in die verre toekoms beloftes gemaak, U sien my as die man wat soos 'n duif die hoogtes bereik, Here God!

¹⁸“Wat sou ek, Dawid, nog verder vir U kon sê oor die eer wat u dienaar aangedoen word? U ken immers u dienaar.

¹⁹U het hierdie groot ding gedoen, Here, ter wille van u dienaar omdat dit u besluit en wil was, en boonop het U al dié groot dinge aan u dienaar bekend gemaak.

²⁰Daar is niemand soos U nie, Here! Buiten U is daar geen God nie, van hoeveel gode ons ook al gehoor het.

²¹Watter volk is soos u volk Israel? Hulle is die een nasie op aarde wat U vir U as volk vry gemaak het. U het u Naam bekend gemaak deur aan nasies groot en vreeslike dinge te doen toe. U hulle verdryf het voor u volk wat U uit Egipte vry gemaak het.

²²U het u volk Israel vir altyd u volk gemaak. En U, Here, U het hulle God geword.

²³En nou, Here, wat U oor u dienaar en oor sy nageslag gesê het, staan vas vir altyd. Doen tog soos U belowe het,

²⁴sodat dit vas kan staan en u Naam vir altyd groot kan wees as daar gesê word: Die Here die Almagtige, die God van Israel, Hy is God van Israel. Die nageslag van u dienaar Dawid bestaan voort voor U.

²⁵“My God, U het nadruklik vir u dienaar gesê dat U vir hom 'n huis sal vestig, en daarom het u dienaar die vrymoedigheid gehad om sy gebed tot U te rig.

²⁶“En nou, Here, U is God. U het hierdie goeie beloftes aan u dienaar gemaak.

²⁷U dring daarop aan om die huis van u dienaar te seën, dat dit vir altyd in u diens sal wees. U, Here, het geseën; daarom is dit vir altyd geseën.”

1 Kronieke 18

Dawid se oorloë en landsadministrasie

(Vgl. 2 Sam. 8:1-18)

- ¹Hierna het Dawid die Filistyne verslaan en onderwerp. Hy het Gat en sy buitedorpe afgeneem van die Filistyne.
- ²Hy het ook die Moabiete verslaan, sodat Moab aan Dawid onderhorig geword het en aan hom belasting moes betaal.
- ³Toe Dawid sy mag aan die Eufraat gaan herstel het, het hy vir koning Hadad-Eser van Soba in die rigting van Hamat verslaan.
- ⁴Van hom het Dawid 'n duisend strydwaens, sewe duisend oorlogspere en twintig duisend voetsoldate afgevat. Hy het perde vir honderd strydwaens uitgehou en al die ander se hakskeensenings afgesny.
- ⁵Die Arameërs van Damaskus het vir koning Hadad-Eser van Soba te hulp gekom, maar Dawid het twee en twintig duisend man van Aram verslaan.
- ⁶Hy het militêre poste in die gebied Aram-Damaskus ingerig, en die Arameërs het aan hom onderhorig geword en moes aan hom belasting betaal. Die Here het Dawid die oorwinning laat behaal net waar hy gegaan het.
- ⁷Dawid het die goue skilde van Hadad-Eser se offisiere afgevat en dit na Jerusalem toe gebring.
- ⁸In Tibgat en Kun, twee stede van Hadad-Eser, het hy op 'n groot hoeveelheid brons beslag gelê. Daarvan het Salomo die bronswaterbak, pilare en bronsware gemaak.
- ⁹Toe koning Toï van Hamat verneem dat Dawid die hele leer van koning Hadad-Eser van Soba verslaan het,
- ¹⁰het hy sy seun Joram na koning Dawid toe gestuur. Hy moes hom sy groete oorbring en hom gelukwens met sy oorwinning oor Hadad-Eser, want Hadad-Eser het kort-kort vir Toï aangeval. Hy het allerlei artikels van goud, silwer en brons saamgestuur.

¹¹Koning Dawid het dit alles aan die Here gewy, en so ook die silwer en goud wat hy van al die nasies weggevoer het, van Edom, Moab, die Ammoniete, die Filistyne en Amalek.

¹²Abisai seun van Seruja het agtien duisend man van Edom in die Soutvlakte verslaan

¹³en in Edom besettingsposte ingerig, sodat die hele Edom onderhorig aan Dawid geword het. Die Here het vir Dawid gehelp net waar hy gegaan het.

¹⁴Dawid was koning oor die hele Israel en hy het sy hele volk met reg en billikheid geregeer.

¹⁵Joab seun van Seruja is aangestel oor die leër, en Josafat seun van Agilud was hoof uitvoerende beampte.

¹⁶Sadok seun van Agitub, en Agimelek seun van Abjatar was priesters, en Sausa was staatsekretaris.

¹⁷Jojada se seun Benaja is aangestel oor die koning se Filistynse lyfwag. Die ouer seuns van koning Dawid was in sy persoonlike diens.

1 Kronieke 19

Die Ammoniete beledig Dawid se boodskappers

(Vgl. 2 Sam. 10:1-14)

¹Na hierdie gebeure is koning Nagas van die Ammoniete oorlede. Sy seun het hom opgevolg,

²en Dawid het gedink: ek wil met Nagas se seun Ganun op goeie voet bly, want sy pa was my goedgesind. Dawid het toe gesante gestuur om met hom deelneming te betuig oor die dood van sy pa. Toe die amptenare van Dawid in die land van die Ammoniete by Ganun kom om met hom deelneming te betuig,

³het die leiers van die Ammoniete vir Ganun gesê: “Dink u werklik Dawid vereer u vader deur boodskappers te stuur om met u te simpatiseer? Het sy amptenare nie eerder na u toe gekom om die land deur te kyk en hier onrus te stook en inligting in te samel nie? ”

⁴Ganun het toe Dawid se gesante gevat, hulle kaal geskeer, hulle klere net onderkant die heupe afgesny en hulle gelos.

⁵Hulle is toe daar weg, en die nuus oor die manne is aan Dawid meegedeel. Hy het toe boodskappers na hulle toe gestuur, want die manne was baie skaam. Die koning het laat weet: “Bly voorlopig in Jerigo totdat julle baard gegroei het en kom dan huis toe.”

Joab verslaan die Ammoniete

(Vgl. 2 Sam. 10:6-14)

⁶Die Ammoniete het geweet dat hulle hulle by Dawid in onguns gebring het. Daarom het Ganun en die Ammoniete vier en dertig ton silwer gestuur om vir hulle by die Arameërs van Mesopotamië en by die Arameërs van Maäka en by Soba bemande strydwaens en 'n berede mag te huur.

⁷Hulle het vir hulle twee en dertig duisend strydwaens gehuur. Daarmee saam het die koning van Maäka en sy leërmag gekom en hulle het regoor Medeba kamp opgeslaan. Die Ammoniete het ook bymekaargekom uit hulle stede en uitgetrek vir die oorlog.

⁸Toe Dawid dit hoor, het hy vir Joab met die hele leer gestuur, almal dapper manne.

⁹Die Ammoniete het opgeruk en hulle gevegslinies voor die stad opgestel. Die konings wat hulle kom help het, was in die oop veld.

¹⁰Joab het opgemerk dat hy aan twee kante sou moes veg, voor en agter. Hy het toe 'n aantal van die beste manne uit Israel gekies en teenoor die Arameërs laat stelling inneem.

¹¹Die res van die leer het hy onder aanvoering van sy broer Abisai geplaas en hulle teenoor die Ammoniete laat stelling inneem.

¹²Hy het gesê: “As die Arameërs vir my te sterk is, moet jy my kom help, en as die Ammoniete vir jou te sterk is, sal ek jou kom help.

¹³Wees dapper, ja, laat ons almal dapper wees ter wille van ons volk en die stede van ons God. Mag die Here doen soos Hy dit goedvind.”

¹⁴Joab en sy manne het opgeruk om teen die Arameërs te veg, maar hulle het vir hom gevlug.

¹⁵Toe die Ammoniete gewaar dat die Arameërs vlug, het die Ammoniete ook voor sy broer Abisai op die vlug geslaan en die stad ingegaan. Joab is toe na Jerusalem toe.

Dawid verslaan die Arameërs

(Vgl. 2 Sam. 10:15-19)

¹⁶Toe die Aramese state sien dat hulle deur die Israeliete verslaan is, het hulle afvaardigings gestuur om die Arameërs oorkant die Eufraat te laat kom, en Sobak die hoof van Hadad-Eser se leër het die leiding geneem.

¹⁷Toe Dawid die berig kry, het hy die hele Israel bymekaargemaak en die Jordaan oorgesteek. Toe hy naby die Arameërs kom, het hy stelling ingeneem teenoor hulle. Pas het Dawid sy stellings teenoor die Arameërs reg gehad vir die geveg, of hulle val hom aan.

¹⁸Hulle het egter vir Israel gevlug. Dawid het sewe duisend van die strydwabemanning en veertig duisend voetsoldate van Aram om die lewe gebring. Hy het verder ook vir Sobak die hoof van hulle leër doodgemaak.

¹⁹Toe die manskappe van Hadad-Eser besef dat hulle deur Israel verslaan is, het hulle vrede gesluit met Dawid en aan hom onderhorig geword. Die Arameërs was hierna nie weer bereid om die Ammoniete te help nie.

1 Kronieke 20

Dawid onderwerp die Ammoniete

(Vgl. 2 Sam. 12:26-31)

¹In die lente, die tyd waarin die konings gewoonlik uittrek om oorlog te maak, het Joab die leër uitgelei en die land van die Ammoniete verwoes. Daarna het hy Rabba gaan beleër, maar Dawid het in Jerusalem agtergebly. Nadat Joab vir Rabba ingeneem en verwoes het,

²het Dawid self gekom en die Ammonitiese koning se kroon van sy kop afgehaal. Dit was van goud, met 'n kosbare steen in, en die gewig van die kroon

was sowat vier en dertig kilogram. Dit het nou op Dawid se kop gekom, en hy het ook 'n groot buit uit die stad weggeneem.

³Hy het die burgers van die stad weggevoer en hulle aan die werk gesit met saag, ysterbeitel en byl. So het hy teenoor al die Ammonitiese stede opgetree. Daarna het hy en al die burgers na Jerusalem toe teruggegaan.

Dawid se oorloë teen die Filistyne

(Vgl. 2 Sam. 21:18-22)

⁴Daarna het daar oorlog met die Filistyne in Geser uitgebreek. Daar het Sibbekai die Gusatiet vir Sippai, uit die Refaïetegeslag, verslaan en moes die Filistyne hulle onderwerp.

⁵In 'n ander geveg teen die Filistyne het Elganan seun van Jaïr vir Lagmi, die broer van Goliat uit Gat, verslaan. Sy spiessteel was so dik soos die dwarsbalk van 'n weefstoel.

⁶Op 'n ander keer was daar oorlog in Gat. Daar was 'n lang man met ses vingers aan elke hand en ses tone aan elke voet; saam was dit vier en twintig. Hy was ook 'n Refaïet van geboorte.

⁷Hy het die Israeliete getart, en toe het Jonatan, seun van Dawid se broer Samma, hom doodgemaak.

⁸Dit was dan die Refaïete wat in Gat gebore is. Dawid en sy manskappe het hulle laat sneuwel.

1 Kronieke 21

Dawid laat die volk tel

(Vgl. 2 Sam. 24:1-25)

¹Satan was teen Israel. Hy het Dawid aangehits om 'n sensus van Israel te hou.

²Dawid het vir Joab en die gesaghebbers van die volk gesê: “Gaan maak 'n opname van Israel van die suide tot die noorde en doen aan my verslag dat ek kan weet hoeveel hulle is.”

³Toe sê Joab: “Selfs al sou die Here by sy volk honderd keer soveel byvoeg as wat hulle nou is, sal u mos nog koning wees! Hulle is mos almal u onderdane.

Waarom wil u dit doen, U Majesteit? Waarom moet dit nou 'n sondelas op Israel word? ”

⁴Maar die koning se bevel aan Joab het bly staan. Joab het vertrek, die hele Israel deurgegaan en na Jerusalem toe teruggekom,

⁵waar hy die resultaat van die volkstelling aan Dawid oorhandig het. Israel was in totaal een miljoen een honderd duisend weerbare man en Juda vier honderd en sewentig duisend.

⁶Die Leviëte en die Benjaminiëte het hy nie bygereken nie, want die bevel van die koning het vir Joab 'n gruwel gebly.

⁷In die oë van God was die saak verkeerd en Hy het Israel dan ook daarvoor swaar gestraf.

⁸Dawid het teenoor God bely: “Ek het swaar gesondig toe ek hierdie ding gedoen het. Vergewe tog nou my oortreding! Waarlik, ek het baie dwaas opgetree.”

⁹Die Here sê toe vir Gad, die siener van Dawid:

¹⁰“Gaan sê vir Dawid: So sê die Here: Ek lê drie dinge aan jou voor. Kies vir jou een daarvan, dan sal Ek dit laat gebeur.”

¹¹Gad het toe na Dawid toe gegaan en vir hom gesê: “So sê die Here: Kies

¹²drie jaar hongersnood, of om drie maande lank op die vlug te bly voor jou teenstanders en deur die swaard van jou vyand agterhaal te word, of drie dae waarin die swaard van die Here self en die pes in die land is en die engel van die Here dwarsoor die Israelitiese gebied verderf saai. Besluit nou watter antwoord ek moet terugbring aan Hom wat my gestuur het.”

¹³Dawid het vir Gad geantwoord: “Ek is in 'n hoek gedryf. Laat my liever in die hand van die Here val, want sy genade is baie groot. Ek wil nie in die hand van 'n mens val nie.”

¹⁴Daarna het die Here 'n pes onder Israel laat uitbreek, en daar is sewentig duisend Israëliëte dood.

¹⁵God het ook 'n engel na Jerusalem toe gestuur om dié uit te delg, maar terwyl hy besig was om verderf te saai, het die Here toegekyk en besluit om die straf nie verder te voer nie. Hy het vir die engel wat die verderf aanrig, gesê: “Dit is nou genoeg! Trek jou hand terug!” Die engel van die Here het by die dorsvloer van Arauna die Jebusiet gestaan.

¹⁶Toe Dawid opkyk en die engel van die Here tussen hemel en aarde sien staan met sy ontblote swaard in die hand en oor Jerusalem uitgesteek, val Dawid en die leiers met rouklere aan op hulle knieë neer.

¹⁷Dawid het vir God gesê: “Dit is tog ék wat opdrag gegee het om 'n sensus van die volk te hou en ék wat gesondig het. Die herder het kwaad gedoen, maar hierdie kudde, wat het hulle gedoen? Here my God, tree tog teen my en my familie op, maar nie met 'n plaag teen u volk nie.”

¹⁸Die engel van die Here het toe vir Gad opdrag gegee om vir Dawid te sê hy moet vir die Here 'n altaar gaan oprig op die dorsvloer van Arauna die Jebusiet.

¹⁹Dawid het toe gegaan soos Gad hom in die Naam van die Here beveel het.

²⁰Arauna was besig om koring uit te trap. Toe hy omdraai en die engel sien, het hy en sy vier seuns by hom weggekruipt.

²¹Terwyl Dawid na Arauna toe kom, kyk Arauna af en sien hom. Hy het van die dorsvloer af gegaan en diep voor Dawid gebuig.

²²Dawid sê toe vir hom: “Laat my die plek met die dorsvloer kry. Ek wil daarop vir die Here 'n altaar bou. Laat my dit kry vir die volle waarde daarvan, dat die plaag kan wegkom van die volk af.”

²³Arauna het vir Dawid gesê: “U kan dit gerus maar vat, U Majesteit; doen wat u goedvind. Ek gee ook nog die beste vir die brandoffer, die dorsslee vir hout en die koring vir die graanoffer. Ek gee alles.”

²⁴Hierop het koning Dawid vir Arauna gesê: “Nee, ek koop dit beslis van jou vir die volle waarde. Ek kan nie van wat joune is vir die Here bring nie. Ek bring nie 'n brandoffer wat my niks kos nie.”

²⁵Dawid het aan Arauna byna sewe kilogram goud vir die plek betaal

²⁶en daar 'n altaar vir die Here gebou. Hy het brandoffers en maaltydoffers gebring en die Here aangeroep. Die Here het hom geantwoord deur vuur uit die hemel op die brandofferaltaar af te stuur.

²⁷Daarna het die Here met die engel gepraat en hy het sy swaard in die skede teruggesit.

²⁸Toe Dawid destyds gemerk het die Here antwoord hom daar op die dorsvloer van Arauna die Jebusiet, het hy daar bly offer.

²⁹Die tabernakel van die Here wat Moses in die woestyn gemaak het en die brandofferaltaar was toe op die hoogte in Gibeon,

³⁰maar Dawid was nie in staat om God daar te gaan raadpleeg nie, want hy is afgeskrik deur die swaard van die engel van die Here.

1 Kronieke 22

¹Dawid het toe gesê: “Die heiligdom van God, die Here, is nou hier by die dorsvloer en hier is ook die brandofferaltaar vir Israel.”

Dawid tref voorbereidings vir die bou van die tempel

²Dawid het die vreemdelinge wat in Israel woonagtig was, bymekaar laat bring en klipkappers aan die werk gesit om messelklippe reg te kap vir die bou van die huis van God.

³Hy het 'n massa yster vir die spykers van die poortdeure en vir kramme gereed gemaak, en ook 'n massa brons, te veel om te weeg.

⁴Daar was soveel sederhout dat dit nie gemeet kon word nie, want die Sidoniërs en Tiriërs het sederhout in oorvloed aan Dawid gelever.

⁵Dawid het gesê: “My seun Salomo is nog jonk en sag, en die huis wat vir die Here gebou gaan word, moet indrukwekkend groots wees, 'n roem en 'n sieraad vir alle lande. Daarom tref ek maar vir hom die voorbereidings.” So het Dawid voor sy dood 'n groot hoeveelheid materiaal gereed gemaak.

⁶Daarna het hy sy seun Salomo geroep en hom voorskrifte gegee oor die bou van 'n huis vir die Here die God van Israel.

⁷Hy het vir Salomo gesê: “My seun, ek was van gedagte om 'n huis vir die Naam van die Here my God te bou,

⁸maar die woord van die Here het tot my gekom en gesê: ‘Jy het bloed in strome laat vloei en groot oorloë gevoer. Jy mag nie vir my Naam 'n huis bou nie, want jy het voor my oë te veel bloed op die aarde laat vloei.

⁹Jy gaan 'n seun hê wat 'n man van vrede sal wees, want Ek sal hom rus gee van al sy vyande rondom hom. Daarom sal sy naam Salomo wees: Ek sal vrede en kalmte aan Israel gee tydens sy regering.

¹⁰Hy sal vir my Naam 'n huis bou. Hy sal vir My 'n seun en Ek vir hom 'n vader wees. Ek sal die troon van sy koninklike heerskappy oor Israel altyd stewig laat staan.’

¹¹“Mag die Here dan nou by jou wees, my seun, en jou voorspoed gee dat jy die huis van die Here jou God kan bou soos Hy beloof het dat jy sal doen.

¹²Mag die Here jou tog net verstand en insig gee en die nodige opdragte in verband met Israel, dat jy die wet van die Here jou God kan nakom.

¹³Jy sal voorspoed hê net as jy sorg dra dat die voorskrifte en bepalings wat die Here vir Moses in verband met Israel gegee het, nagekom word. Wees sterk en staan vas. Moenie bang wees nie en moenie besorg wees nie.

¹⁴Onder al my swaarkry het ek vir die huis van die Here drie duisend vier honderd sewe en twintig ton goud en vier en dertig duisend twee honderd en sewentig ton silwer opsy gesit, en 'n massa brons en yster, te veel om te weeg. Ek het ook hout en klip gereed gemaak, en jy kan daar nog byvoeg.

¹⁵Daar is bowendien 'n menigte arbeiders tot jou beskikking: klipkappers, vakmanne in klip en hout, en allerlei ander vakmanne, bedrewe in enige tegniek.

¹⁶Daar is goud, silwer, brons en yster in onberekenbare hoeveelhede. Pak nou die werk aan, en mag die Here by jou wees.”

¹⁷Dawid het ook al die gesaghebbers van Israel beveel om sy seun Salomo te help:

¹⁸“Was die Here julle God nie by julle nie en het Hy julle nie op alle grense rus gegee nie? Hy het die inheemse bevolking van die land in my mag gegee, en die land is aan die Here en sy volk onderwerp.

¹⁹Gee nou hart en siel daaraan om aan die Here julle God gehoorsaam te wees, en begin bou aan die heiligdom van God die Here, sodat die verbondsark van die Here en die gewyde voorwerpe van God ingebring kan word in die huis wat vir die Naam van die Here gebou sal word.”

1 Kronieke 23

Dawid reël die diens van die priesters en die Leviete

¹Toe Dawid oud word en sy einde begin nader, het hy sy seun Salomo koning oor Israel gemaak.

²Hy het ook al die ampsdraers van Israel, die priesters en die Leviete laat bymekaarkom.

³Toe hulle getel is, was die Leviete, die mans van dertig jaar en ouer, altesaam ag en dertig duisend.

⁴Van hulle moes vier en twintig duisend sorg dra vir die werksaamhede in die huis van die Here, en ses duisend die orde en regspraak behartig;

⁵vier duisend was poortwagte, en vier duisend moes sorg vir die lof van die Here op die instrumente wat daarvoor vervaardig is.

⁶Dawid het hulle ingedeel in groepe volgens die seuns van Levi: Gerson, Kehat en Merari.

⁷Onder die Gersoniete is Ladan en Simi gereken.

⁸Die seuns van Ladan was Jegiël, die hoof, Setam en Joël, hulle drie.

⁹Die seuns van Simi was Selomit, Gasiël en Haran, ook drie. Hulle was die familiehoofde van Ladan.

¹⁰Die seuns van Simi was Jagat, Sisa, Jeüs en Beria. Dit was die vier seuns van Simi.

¹¹Jagat was hoof en Sisa tweede in rang. Jeüs en Beria het nie baie seuns gehad nie en vorm saam een diensgroep van die familie.

¹²Die seuns van Kehat was Amram, Jishar, Hebron en Ussiël, hulle vier.

¹³Die seuns van Amram was Aäron en Moses. Aäron is vir altyd afgesonder, hy en sy nageslag, om blywend die heilige diens in die Allerheiligste te verrig, om vir die Here wierookoffers te bring, Hom te dien en in sy Naam die seën uit te spreek.

¹⁴Wat Moses betref, die man van God, sy nageslag is by die stam Levi gereken.

¹⁵Die seuns van Moses was Gersom en Eliëser.

¹⁶Van die nageslag van Gersom was Subael die hoof.

¹⁷Van die nageslag van Eliëser was sy seun Regabja die hoof. Eliëser self het nie ander seuns gehad nie, maar Regabja het besonder baie gehad.

¹⁸Van die nageslag van Jishar was Selomit die hoof.

¹⁹Van die nageslag van Hebron was Jerija die hoof, Amarja die tweede, Jagasiël die derde en Jekamam die vierde.

²⁰Van die nageslag van Ussiël was Miga die hoof en Jissija die tweede.

²¹Die seuns van Merari was Magli en Musi. Die seuns van Magli was Eleasar en Kis.

²²Toe Eleasar gesterf het, het hy geen seuns gehad nie, net dogters. Hulle verwante, die seuns van Kis, het met hulle getrou.

²³Die seuns van Musi was Magli, Eder en Jeremot, hulle drie.

²⁴Dit is dan die Leviëte volgens hulle families, die familiehoofde volgens hulle diensgroepe, soos hulle een vir een by name opgeneem is. Die Leviëte van

twintig jaar en ouer het die werksaamhede verrig in die diens van die huis van die Here.

²⁵Dit het so gekom omdat Dawid gesê het: “Die Here die God van Israel het sy volk rus geskenk en Hy wil vir altyd in Jerusalem woon.

²⁶Die Leviëte hoef nie meer die tabernakel met al die toebehore vir sy diens te vervoer nie.”

²⁷Dit is dus die getal Leviëte van twintig jaar en ouer wat diens gedoen het soos Dawid dit kort voor sy dood gereël het.

²⁸Hulle het die Aäroniete bygestaan in die diens van die huis van die Here. Hulle was verantwoordelik vir die voorhowe, die kamers, die reiniging van al die gewyde dinge en vir die werksaamhede van die tempeldiens.

²⁹Hulle moes sorg vir die offerbrood, die meel vir die graanoffer, die ongesuurde brood, die bakplaat, die deegmengsel en vir elke inhouds- en lengtemaat.

³⁰Hulle moes ook elke môre hulle plek inneem vir die dank en lof aan die Here, en so ook saans.

³¹Verder moes hulle help by die bring van al die offers vir die Here op sabbatte, nuwemaansfeeste en ander feestye. Dit moes voortdurend voor die Here geskied, volgens die reëlmaat wat daarvoor vasgestel is.

³²So moes hulle al die nodige doen by die tent van ontmoeting, by die heiligdom, en saam met hulle ampsbroers die priesters in die diens van die huis van die Here.

1 Kronieke 24

Dawid deel die priesters in diensgroepe in

¹Wat die Aäroniete betref, hulle afdelings moes dié van die seuns van Aäron gewees het: Nadab en Abihu, Eleasar en Itamar.

²Nadab en Abihu is egter dood vóór hulle pa en hulle het nie seuns gehad nie. Daarom het net Eleasar en Itamar die priesterskap gekry.

³Dawid het hulle met behulp van Sadok, uit die nageslag van Eleasar, en Agimelek, uit die nageslag van Itamar, in diensgroepe ingedeel vir die uitvoering van hulle pligte.

⁴Toe hulle vind dat die nageslag van Eleasar meer manlike hoofde het as die nageslag van Itamar, het hulle die nageslag van Eleasar onder sestien familiehoofde en die nageslag van Itamar onder ag ingedeel.

⁵Hulle het hulle deur loting ingedeel, die een groep by die ander, sodat daar ampsdraers van die heiligdom, ampsdraers vir God, uit die Eleasargeslag én uit die Itamargeslag gekom het.

⁶Die administratiewe amptenaar Semaja, 'n Leviet, seun van Netanel, het hulle opgeskrywe in teenwoordigheid van die koning, die amptenare, die priester Sadok, Agimelek seun van Abjatar en die familiehoofde van die priesters en die Leviete. Telkens is twee families vir Eleasar en een vir Itamar geneem.

⁷Die eerste lot het op Jojarib geval, die tweede op Jedaja,

⁸die derde op Garim, die vierde op Seorim,

⁹die vyfde op Malkija, die sesde op Mijamin,

¹⁰die sewende op Kos, die agste op Abia,

¹¹die negende op Jesua, die tiende op Sekanja,

¹²die elfde op Eljasib, die twaalfde op Jakim,

¹³die dertiende op Guppa, die veertiende op Jesebab,

¹⁴die vyftiende op Bilga, die sestiende op Immer,

¹⁵die sewentiende op Gesir, die agtiende op Pisses,

¹⁶die negentiende op Petagja, die twintigste op Esegïël,

¹⁷die een en twintigste op Jakin, die twee en twintigste op Gamul,

¹⁸die drie en twintigste op Delaja en die vier en twintigste op Maäsja.

¹⁹Dit was die diensgroepe waarvolgens hulle vir die uitvoering van hulle pligte na die huis van die Here toe gekom het. Dit moes geskied volgens die orde wat

Aäron, hulle pa, neergelê het in ooreenstemming met die bevel van die Here die God van Israel.

Die familiehoofde van die oorblywende Leviete

²⁰Wat die oorblywende Leviete betref, hulle familiehoofde was die volgende: Subael uit die nageslag van Amram, Jegdeja uit die nageslag van Subael,

²¹Jissija uit die nageslag van Regabja,

²²Selomit uit die nageslag van Jishar, en Jagat uit die nageslag van Selomit.

²³Uit die nageslag van Hebron was daar vier: Jerija, Amarja, Jagasiël en Jekamam.

²⁴Miga was uit die nageslag van Ussiël, en Samir uit dié van Miga.

²⁵Jissija was Miga se broer, en Sagaria was die familiehoof uit die nageslag van Jissija.

²⁶Die seuns van Merari was Magli en Musi. Uit die nageslag van Jaäsija,

²⁷'n seun van Merari, was Soham, Sakkur en Ibri familiehoofde.

²⁸Uit die nageslag van Magli was daar Eleasar, maar hy het nie seuns gehad nie.

²⁹Jeragmeël was die familiehoof uit die nageslag van Kis.

³⁰Die seuns van Musi was Magli, Eder en Jerimot. Dit is dan die Leviete volgens hulle families.

³¹Hulle het ook, naas hulle broers, die nageslag van Aäron, deelgeneem aan die loting in teenwoordigheid van koning Dawid, Sadok, Agimelek en die familiehoofde van die priesters en die Leviete. Van elke familie is almal, van die hoof tot by sy jongste broer, ingereken.

1 Kronieke 25

Dawid reël die sangbegeleiding in die tempel

¹Dawid en die amptenare in beheer het die seuns van Asaf, Heman en Jedutun vir 'n besondere diens afgesonder. Hulle was mense wat onder begeleiding van

liere, harpe en simbale as profete opgetree het. Hier volg besonderhede oor die manne wat 'n funksie gehad het in hierdie diens.

²Die seuns van Asaf, naamlik Sakkur, Josef, Netanja en Asarela, was onder leiding van Asaf wat as profeet in diens van die koning opgetree het.

³Die seuns van Jedutun, naamlik Gedalja, Seri, Jesaja, Simi, Gasabja en Mattitja, was al ses onder leiding van Jedutun, hulle pa, wat met begeleiding van die lier as profeet opgetree het in die dank en die lof aan die Here.

⁴Die seuns van Heman was Bukkija, Mattanja, Ussiël, Subael, Jerimot, Gananja, Ganani, Eliata, Giddalti, Romamti-Eser, Josbekasa, Malloti, Hotir en Magasiot.

⁵Hulle almal was seuns van Heman, die siener van die koning in godsdienstige sake, en hulle het hom groot aansien verleen. God het aan Heman veertien seuns en drie dogters gegee.

⁶Hulle het almal onder leiding van hulle pa die sang in die huis van die Here begelei op simbale, harpe en liere in die tempeldiens. Asaf, Jedutun en Heman was in diens van die koning.

⁷Saam met hulle ampsgenote wat in sang ter ere van die Here onderrig was, was die getal opgeleides twee honderd ag en tagtig.

⁸Hulle is vir diens geloot volgens die reël dat oud en jonk gelyk is, of hy nou al opgelei of leerling was.

⁹Die eerste lot het op Josef, uit die nageslag van Asaf, geval; die tweede op Gedalja,

¹⁰die derde op Sakkur,

¹¹die vierde op Seri,

¹²die vyfde op Netanja,

¹³die sesde op Bukkija,

¹⁴die sewende op Asarela,

¹⁵die agste op Jesaja,

- ¹⁶die negende op Mattanja,
- ¹⁷die tiende op Simi,
- ¹⁸die elfde op Asarel,
- ¹⁹die twaalfde op Gasabja,
- ²⁰die dertiende op Subael,
- ²¹die veertiende op Mattitja,
- ²²die vyftiende op Jeremot,
- ²³die sestiende op Gananja,
- ²⁴die sewentiende op Josbekasa,
- ²⁵die agtiende op Ganani,
- ²⁶die negentiende op Malloti,
- ²⁷die twintigste op Eliata,
- ²⁸die een en twintigste op Hotir,
- ²⁹die twee en twintigste op Giddalti,
- ³⁰die drie en twintigste op Magasiot,
- ³¹die vier en twintigste op Romamti-Eser. Elke groep, die leier, sy seuns en ampsgenote, was twaalf.

1 Kronieke 26

Die poortwagte

- ¹Wat betref die afdelings poortwagte was daar van die Koragiete Meselemja seun van Kore, uit die geslag van Asaf.
- ²Die oudste seun van Meselemja was Sagaria, die tweede Jediael, die derde Sebadja, die vierde Jatniël,
- ³die vyfde Elam, die sesde Joganen, die sewende Eljehoënai.
- ⁴Die oudste seun van Obed-Edom was Semaja, die tweede Josabad, die derde Joag, die vierde Sakar, die vyfde Netanel,

⁵die sesde Ammiël, die sewende Issaskar, die agste Peülletai. God het vir Obed-Edom besonderlik geseën.

⁶Sy seun Semaja het vader geword van seuns wat gesagsposisies in hulle familie beklee het, want hulle was bekwame mense.

⁷Die seuns van Semaja was Otni, Refael, Obed, Elsabad, en sy broers was Elihu en Semakja, knap mense.

⁸Hulle was almal uit die nageslag van Obed-Edom. Hulle sowel as hulle seuns en broers was bekwame manne, flink in die diens. Obed-Edom se groep was twee en sestig.

⁹Van Meselemja was daar agtien bekwame seuns en broers.

¹⁰Die seuns van Gosa, van die Merarigroep, het Simri as hoof gehad. Hy was nie die oudste nie, maar sy vader het hom as hoof aangestel.

¹¹Die tweede was Gilkija, die derde Tebalja, die vierde Sagaria. Gosa het dertien seuns en broers gehad.

¹²Hierdie afdelings poortwagte, ingedeel volgens die manlike familiehoofde, het diens gedoen saam met hulle ampsgenote wat vir die huis van die Here moes sorg.

¹³Oud en jonk het op gelyke voet aan die loting vir elke poort deelgeneem volgens hulle families.

¹⁴Die lot vir die oospoort het op Meselemja geval. Toe hulle vir sy seun Sagaria, die verstandige raadgewer, die lot werp, is hy vir die noordpoort geloot.

¹⁵Die suidpoort is toegewys aan Obed-Edom, en die voorraadgebou aan sy seuns.

¹⁶Suppim en Gosa het die wespoort gekry, asook die Salleketpoort by die pad na die noorde toe. Die een wagbeurt het op die ander gevolg.

¹⁷By die oospoort was ses Leviete, by die noordpoort elke dag vier, by die suidpoort elke dag vier en by die voorrade elke keer twee.

¹⁸Wat die plein by die wespoort betref, was daar langs die pad vier en by die plein twee.

¹⁹Dit was dan die afdelings poortwagte, van die Korag- en die Merarigroep.

Die toesig oor die tempelskatte

²⁰Sommige van hulle Levitiese ampsgenote het toesig gehou oor die tempelskatte en oor die wydingsgeskenke.

²¹⁻²²Uit die Jegiëlgroep was daar Setam en sy broer Joël. Hulle was uit die nageslag van Ladan, dit is afstammeling van die Gersonitiese lyn deur Ladan, en familiehoofde van Ladan die Gersoniet. Hulle was in beheer van die skatte van die huis van die Here.

²³Uit die groepe van Amram, Jishar, Hebron en Ussiël

²⁴was Subael, seun van Moses se seun Gersom, die hoofamptenaar belas met toesig oor die skatte.

²⁵Sy ampsgenote het hulle afstamming teruggevoer op Eliëser deur Regabja, Jesaja, Joram, Sikri en Selomit.

²⁶Hierdie Selomit en sy ampsgenote het toesig gehad oor al die wydingsgeskenke wat koning Dawid, die familiehoofde, die aanvoerders van duisend en honderd, en die leerhoofde aan die Here gewy het.

²⁷Hulle het van die buit uit die oorloë gewy om die huis van die Here te onderhou.

²⁸Alles wat die siener Samuel, Saul seun van Kis, Abner seun van Ner, en Joab seun van Seruja, gewy het, alles wat gewy is, was onder beheer van Selomit en sy ampsgenote.

Die handhawers van orde en regspraak

²⁹Kenanja en sy seuns uit die Jishargroep was belas met werksaamhede buite die tempel. Hulle moes in Israel die orde handhaaf en vir die regspraak sorg.

³⁰Van die Hebrongroep was Gasabja en sy ampsgenote, sewentien honderd bekwame manne, van die Jordaan af weswaarts belas met die opsig oor Israel vir alle werk van die Here en vir die koninklike diens.

³¹Van die Hebrongroep was Jerija die hoof volgens stamboom en familie. In die veertigste jaar van Dawid se regering is 'n opname van die Hebrongroep gemaak, en daar is in Jaser in Gilead bekwame manne onder hulle gevind.

³²Jerija het twee duisend sewe honderd bekwame ampsgenote gehad, almal familiehoofde. Koning Dawid het hulle aangestel oor die stamme Ruben en Gad en oor die halwe Manassestam, vir alle sake wat in verband staan met die diens van God en met die diens aan die koning.

1 Kronieke 27

Israelitiese familiehoofde in diens van die koning

¹Hier volg 'n opgawe van die Israelitiese familiehoofde, die aanvoerders van duisend en honderd, en die toesighoudende amptenare wat in diens van die koning gestaan het met betrekking tot alles rakende die afdelings wat deur die jaar elke maand omgeruil het. Elke afdeling het uit vier en twintig duisend man bestaan.

²Jasobam seun van Sabdiël was in bevel van die eerste afdeling, dié vir die eerste maand.

³Hy was uit die Peresgroep en was gedurende die eerste maand hoof van al die leëraanvoerders.

⁴Dodai uit Agoag was in bevel van die afdeling vir die tweede maand. Sy afdeling se hoofaanvoerder was Miklot.

⁵Benaja seun van die hoëpriester Jojada was die derde leëraanvoerder, vir die derde maand.

⁶Hierdie Benaja was 'n sterk leier onder die dertig dapper manne van Dawid en in bevel van die dertig. Sy seun Ammisabad was na hom in bevel van die afdeling.

⁷Die vierde, vir die vierde maand, was Asael broer van Joab en ná hom sy seun Sebadja.

⁸Die vyfde, vir die vyfde maand, was die aanvoerder Samhut, uit Jisrag.

⁹Die sesde, vir die sesde maand, was Ira seun van Ikkes, uit Tekoa.

¹⁰Die sewende, vir die sewende maand, was Geles, uit Pelon in Efraim.

¹¹Die agste, vir die agste maand, was Sibbekai, van Gusa uit die Seraggroep.

¹²Die negende, vir die negende maand, was Abiëser, uit Anatot in Benjamin.

¹³Die tiende, vir die tiende maand, was Marai, van Netofa uit die Seraggroep.

¹⁴Die elfde, vir die elfde maand, was Benaja, uit Piraton in Efraim.

¹⁵Die twaalfde, vir die twaalfde maand, was Geled, van Netofa uit die Otniëlgroep. Elkeen van hierdie afdelings was vier en twintig duisend sterk.

Die hoofde oor die twaalf stamme

¹⁶Die beheer oor die Israelitiese stamme was soos volg: Die hoofamptenaar Eliëser seun van Sikri was oor die Rubeniete; Sefatja seun van Maäka oor die Simeoniete;

¹⁷Gasabja seun van Kemuel oor Levi; Sadok oor die Aäroniete;

¹⁸Elihu, uit die broers van Dawid, oor Juda; Omri seun van Migael oor Issaskar;

¹⁹Jismaja seun van Obadja oor Sebulon; Jerimot seun van Asriël oor Naftali;

²⁰Hosea seun van Asasja oor die Efraimiete; Joël seun van Pedaja oor die halwe Manassestam;

²¹Jiddo seun van Sagaria oor die halwe Manassestam in Gilead; Jaäsiël seun van Abner oor Benjamin;

²²Asarel seun van Jerogam oor Dan. Dit was die manne in beheer van die Israelitiese stamme.

²³Dawid het nie 'n opgawe van die Israëliete van twintig jaar en jonger laat maak nie, want die Here het beloof om Israel so baie soos die sterre van die hemel te maak.

²⁴Joab seun van Seruja het begin om 'n opname te maak, maar dit nie afgehandel nie, want daardeur het die toorn van die Here teen Israel losgebreek. Daarom is die getal nie opgeneem in koning Dawid se annale nie.

Ander amptenare van Dawid

²⁵Asmawet seun van Adiël was in beheer van die skatte van die koning. Jonatan seun van Ussia was in beheer van die skatte op die platteland, in die stede, dorpe en vestings.

²⁶Esri seun van Kelub was in beheer van die arbeiders op die land wat die grond bewerk het.

²⁷Simi uit Rama was in beheer van die wingerde, en Sabdi uit Sefam in beheer van die wynvoorrade in die wingerde.

²⁸Baäl-Ganan uit Geder was in beheer van die olywe en wildevye in die Laeveld, en Joas in beheer van die olievoorrade.

²⁹Sitrai uit Saron was in beheer van die vee wat in Saron gewei het, en Safat seun van Adlai in beheer van die vee in die laagtes.

³⁰Die Ismaeliet Obil was in beheer van die kamele, en Jegdeja uit Meronot in beheer van die donkies.

³¹Die Hagareër Jasis was in beheer van die kleinvee. Dit was al die opsigters oor die besittings van koning Dawid.

³²Dawid se oom Jonatan die raadgewer, 'n verstandige en geleerde man, en Jegiël seun van Gakmoni het die opvoeding van die prinse waargeneem.

³³Agitofel was die raadgewer van die koning, en die Arkiet Gusai was die vriend van die koning.

³⁴Agitofel is later opgevolg deur Jojada seun van Benaja en deur Abjatar. Joab was die koning se leërhoof.

1 Kronieke 28

Dawid se laaste opdrag oor die bou van die tempel

¹Dawid het al die gesagsdraers van Israel laat bymekaarkom in Jerusalem: dié wat gesag gehad het oor die stamme, oor die afdelings in diens van die koning, oor duisend, oor honderd, oor al die koninklike besittings en vee, en verder sy seuns saam met die hoofbeamptes, die helde en al die manne van betekenis.

²Toe het koning Dawid opgestaan en gesê: “My broers, my volk, luister na my! Ek was van gedagte om 'n gebou op te rig as staanplek vir die verbondsark van die Here en as rusplek vir die voete van ons God. Ek het reeds voorbereidings vir die bouwerk getref,

³maar God het vir my gesê: ‘Jy sal nie vir my Naam 'n huis bou nie, want jy is 'n man van baie oorloë en jy het baie bloed vergiet.’

⁴“Die Here die God van Israel het my bo my hele familie verkies om my lewe lank koning oor Israel te wees. Hy het Juda gekies as leidende stam, uit die huis van Juda my familie, en Hy het onder my vader se seuns aan my die voorkeur gegee om oor die hele Israel te regeer.

⁵Uit al my seuns, want die Here het my baie seuns gegee, het Hy my seun Salomo gekies om te sit op die troon van waar die Here self oor Israel regeer.

⁶Hy het vir my gesê: ‘Jou seun Salomo sal vir My die tempel met sy voorhowe bou, want Ek het hom vir My as seun gekies, en Ek sal vir hom 'n vader wees.

⁷As hy volhou om my gebooie en bepalings na te kom soos nou, sal Ek sy koningskap sy lewe lank bevestig.’

⁸“Daarom gebied ek, Dawid, julle nou in teenwoordigheid van die hele Israel, die gemeente van die Here, en ten aanhore van ons God: Onderhou en ondersoek al die gebooie van die Here julle God, dat julle die goeie land kan bly besit en dit as 'n blywende erfenis aan julle kinders na julle kan nalaat.

⁹En jy, Salomo, my seun, jy moet die God van jou vader ken en Hom dien met jou hele hart en met 'n gewillige gemoed, want die Here ondersoek alle harte en ken die bedoeling van elke gedagte. As jy na Hom vra, sal Hy Hom deur jou laat vind, maar as jy Hom verlaat, sal Hy jou vir altyd verwerp.

¹⁰Besef nou dat die Here jou gekies het om 'n gebou as heiligdom op te rig. Pak nou die werk aan en doen dit! ”

¹¹Dawid het sy seun Salomo voorsien van 'n model van die voorportaal met die geboue wat daarby behoort: die voorraadkamers, soldervertrekke, binnevertrekke en die vertrek waarin die versoendeksel sou kom.

¹²Dit was 'n model van alles wat hy hom voorgestel het: van die voorhowe van die huis van die Here en van al die kamers rondom vir die tempelskatte en die wydingsgeskenke,

¹³vir die afdelings priesters en Leviete, vir al die werk verbonde aan die diens in die huis van die Here en vir al die gereedskap wat nodig was vir dié diens.

¹⁴Dawid het Salomo ook ingelig oor die presiese hoeveelheid goud wat nodig sou wees vir al die gereedskap vir elke soort diens, die presiese hoeveelheid vir al die silwergereedskap, oor al die gereedskap vir elke besondere werk,

¹⁵oor die presiese hoeveelheid vir die goue kandelaars met hulle goue lampe, die hoeveelheid wat nodig sou wees vir elke kandelaar met sy lampe, oor die silwerkandelaars, die presiese hoeveelheid vir 'n kandelaar met sy lampe al na gelang die funksie van die kandelaar,

¹⁶oor die hoeveelheid goud vir elkeen van die tafels met die offerbrood, die silwer vir die silwertafels,

¹⁷oor die vurke, komme en kanne van suiwer goud, oor die hoeveelheid vir elke goue beker en elke silwerbeker,

¹⁸oor die hoeveelheid gesuiwerde goud vir die wierookaltaar en oor die vorm van die rytuig, die gerubs van goud wat hulle vlerke moes uitsprei om die verbondsark van die Here te bedek.

¹⁹Dit alles, die hele uitvoering van die werk, het Dawid deur 'n openbaring van God te wete gekom en hy het dit op skrif gestel.

²⁰Dawid het vir sy seun Salomo gesê: “Wees sterk, staan vas, begin die werk! Moenie bang wees nie en moenie besorg wees nie, want God die Here, my God,

is by jou. Hy sal jou nie aan jouself oorlaat of jou verlaat nie, sodat jy al die werk vir die diens in sy huis kan afhandel.

²¹Die afdelings priesters en Leviëte is gereed vir die volledige tempeldiens, en daar is vakmanne tot jou beskikking wat bedrewe is in al die soorte werk vir elke diens, terwyl die amptenare en die hele volk op jou bevele wag.”

1 Kronieke 29

Skenkings vir die bou van die tempel

¹Koning Dawid het die hele vergadering soos volg toegesprek: “My seun Salomo, die één wat deur God gekies is, is jonk en sag, maar die werk is groot. Hierdie paleis is nie vir 'n mens bedoel nie, maar vir God die Here.

²Met alles in my vermoë het ek vir die huis van my God materiaal gereed gebring: goud vir die goudwerk, silwer vir die silwerwerk, brons vir die bronswerk, yster vir die ysterwerk, hout vir die houtwerk, oniks met die gesteentes om daarrondom in te lê, steentjies vir mosaïekwerk, allerlei edelstene en 'n groot hoeveelheid marmer.

³Omdat die huis van my God my na aan die hart lê, skenk ek ook nog my besit aan goud en silwer bo en behalwe alles wat ek reeds vir die heiligdom gereedgebring het:

⁴honderd en drie ton goud, van Ofir se goud, en twee honderd en veertig ton gesuiwerde silwer om die mure van die vertrekke oor te trek

⁵en om die goud vir die goudwerk en die silwer vir die silwerwerk te voorsien, en vir al die werk wat deur die vakmanne gedoen moet word. Wie is nog gewillig om vandag sy hand oop te maak met 'n gawe aan die Here? ”

⁶Die familiehoofde, die stamhoofde van Israel, die aanvoerders van duisend en van honderd, en die amptenare in beheer van die koning se dienste was almal gewillig.

⁷Hulle het vir die tempeldiens honderd een en sewentig ton goud, drie honderd twee en veertig ton silwer, ses honderd en sestig ton brons en drie duisend vier honderd sewe en twintig ton yster bygedra.

⁸Wie edelstene by hom gehad het, het dit aan die Gersoniet Jegiël gegee vir die tempelskat.

⁹Die volk was bly oor hulle gewilligheid, want hulle het die vrywillige gawes aan die Here met hulle hele hart gegee. Koning Dawid was ook baie bly.

'n Dankgebed van Dawid

¹⁰Dawid het 'n lofprysing aan die Here in teenwoordigheid van die hele vergadering uitgespreek. Sy woorde was: “Geloof sy U, Here, God van ons voorvader Israel, van ewigheid tot ewigheid.

¹¹Die grootheid, Here, die krag, die glans, die roem en die majesteit behoort aan U, ja, alles in die hemel en op aarde. Aan U, Here, behoort die heerskappy; U is bo almal verhewe.

¹²Van U kom rykdom en eer. U heers oor alles. Mag en krag word deur U geskenk, en dit berus by U om enigiemand groot en sterk te maak.

¹³En nou loof ons U, ons God, ons prys u glansryke Naam,

¹⁴want wie is ek en wie is my volk dat ons die vermoë sou hê om sulke gawes te bring? Alles kom tog van U af en ons gee aan U wat ons van U gekry het.

¹⁵Net soos al ons voorvaders is ons by U sonder reg of aanspraak. Ons tyd op aarde is soos 'n skaduwee, dit gaan verby.

¹⁶Here ons God, al hierdie goed wat ons bymekaargemaak het om 'n huis vir u heilige Naam te bou, het ons van U gekry en dit behoort aan U.

¹⁷Ek weet, my God, dat U die hart ondersoek en dat U opregtheid wil hê. Ek het in opregtheid van hart al hierdie gawes gebring, en nou het ek met vreugde gesien hoe u volk wat hier teenwoordig is, sy gawes aan U bring.

¹⁸Here, God van ons voorvaders Abraham, Isak en Israel, behou vir altyd hierdie gesindheid in die gemoed van u volk. Rig hulle hart op U.

¹⁹Gee aan my seun Salomo dat hy met volle oorgawe u gebooie, u verordeninge, u voorskrifte sal hou, dat hy dit alles sal doen en die tempel wat ek beplan het, sal bou.”

Salomo word weer tot koning verklaar

²⁰Daarna het Dawid vir die volle vergadering gesê: “Prys nou die Here julle God.” Die volle vergadering het toe die Here die God van hulle voorvaders geprys. Daarna het hulle voor die Here en die koning gekniel en in huldebetoon neergeval.

²¹Die volgende dag het hulle aan die Here as brand- en ander diereoffers duisend bulle, duisend ramme en duisend lammers geoffer, saam met die drankoffers wat daarby hoort. Daar was ook nog 'n menigte offers van die hele Israel.

²²Hulle het daardie dag met uitbundige vreugde geëet en gedrink voor die Here. Vir die tweede keer het hulle ook vir Salomo seun van Dawid tot koning verklaar. Hulle het hom voor die Here tot koning gesalf en vir Sadok as priester.

²³Salomo het sy plek ingeneem op die troon van die Here as koning in die plek van sy pa. Salomo was voorspoedig en die hele Israel was hom onderdanig.

²⁴Al die amptenare en die lede van die lyfwag, en ook al koning Dawid se seuns, het 'n eed van trou aan koning Salomo afgelê.

²⁵Die Here het Salomo hoë aansien in die oë van die hele Israel laat geniet en hom 'n koninklike verhewenheid geskenk wat nie een van die Israelitiese konings voor hom gehad het nie.

Oorsig oor Dawid se regering

²⁶Dawid seun van Isai het oor die hele Israel geregeer.

²⁷Hy het veertig jaar lank oor Israel geregeer. Hy was sewe jaar koning in Hebron en drie en dertig jaar in Jerusalem.

²⁸Hy het op hoë ouderdom gesterf, na 'n vol lewe, ryk en geëerd. Sy seun Salomo het hom as koning opgevolg.

²⁹Die geskiedenis van koning Dawid, van begin tot einde, is opgeteken in die geskrifte van die siener Samuel, dié van die profeet Natan en dié van die siener Gad,

³⁰alles oor sy regering, sy heldedade en die tye wat oor hom, oor Israel en oor die koninkryke van die aarde heen gegaan het.

2 Kronieke

2 Kronieke 1

Koning Salomo se wysheid

(Vgl. 1 Kon. 3:1-15)

¹Salomo seun van Dawid het 'n stewige houvas op sy koningskap gekry. Die Here sy God was by hom en het hom groot mag gegee.

²Salomo het die hele Israel opgeroep: die bevelhebbers oor duisend en honderd, die regters, elke leiersfiguur in die hele Israel, al die familiehoofde.

³Salomo en die hele gemeente saam met hom het toe na die hoogte toe by Gibeon gegaan. Die tent van die ontmoeting met God wat Moses, die dienaar van die Here, nog in die woestyn gemaak het, was toe daar.

⁴Die ark van God was egter nie daar nie. Dawid het dit in sy dae uit Kirjat-Jearim laat bring na die plek toe wat hy daarvoor reggemaak het, want hy het daarvoor in Jerusalem 'n tent laat opslaan.

⁵Die bronsaltaar wat Besaleël seun van Uri, seun van Gur, gemaak het, was opgestel voor die tabernakel van die Here. Salomo en die gemeente het die Here gaan raadpleeg.

⁶Salomo het daar op die bronsaltaar offers gebring voor die Here wat in die tent van ontmoeting teenwoordig is. Hy het 'n duisend brandoffers daar gebring.

⁷Daardie nag het God aan Salomo verskyn en vir hom gesê: “Vra wat Ek jou moet gee.”

⁸Salomo sê toe vir God: “U het groot trou aan my vader Dawid bewys en my in sy plek koning gemaak.

⁹Vervul nou, Here God, u belofte aan my vader Dawid, want U het my koning gemaak oor 'n volk so baie soos die stof van die aarde.

¹⁰Gee my nou wysheid en kennis dat ek hierdie volk reg kan lei, want wie kan uit homself hierdie groot volk van U regeer? ”

¹¹God het vir Salomo geantwoord: “Omdat jy dít besluit het en jy nie rykdom, besittings, aansien of jou vyande se lewens gevra het nie, en ook nie 'n lang leeftyd nie, maar wysheid en kennis waarmee jy my volk oor wie Ek jou koning gemaak het, kan regeer,

¹²daarom word die wysheid en kennis aan jou geskenk. Maar Ek gee jou bowendien rykdom, besittings en aansien soos die konings voor jou nie gehad het nie en dié ná jou ook nie sal hê nie.”

¹³Daarna het Salomo van die hoogte in Gibeon af, van die tent van ontmoeting af, na Jerusalem toe teruggegaan. Hy was nou koning oor die hele Israel.

Die militêre mag en die rykdom van Salomo

(Vgl. 1 Kon. 10:26-29)

¹⁴Koning Salomo het 'n mag van strydwaens en perde opgebou. Hy het veertien honderd strydwaens en twaalf duisend perde besit, waarvan hy party in strydwaposte en ander by die paleis in Jerusalem gestasioneer het.

¹⁵Die koning het goud en silwer in Jerusalem so volop gemaak soos klippe, en seders so volop soos wildevyebome in die Laeveld.

¹⁶Sy perde was afkomstig uit Egipte en Kewé. Die handelaars van koning Salomo het hulle in Kewé gaan koop vir die prys waarop ooreengekom is.

¹⁷Uit Egipte is 'n strydwa vir net minder as sewe kilogram silwer ingevoer en 'n perd vir een en 'n driekwart kilogram. Dieselfde pryse is aan al die Hetitiese en Aramese konings betaal. Die invoer het deur bemiddeling van die handelaars geskied.

2 Kronieke 2

Salomo tref voorbereidings vir die bou van die tempel

(Vgl. 1 Kon. 5:1-18)

¹Salomo was van voorneme om 'n tempel vir die Naam van die Here te bou, en 'n paleis vir homself.

²Vir dié doel het hy sewentig duisend draers en tagtig duisend klipkappers in die berge aan die werk gesit, met drie duisend ses honderd opsigters oor hulle.

³Verder het hy die volgende boodskap gestuur aan koning Hiram van Tirus: “U het destyds met my vader Dawid 'n ooreenkoms aangegaan en vir hom seders gelewer om vir hom 'n paleis te bou om in te woon.

⁴Nou wil ek 'n tempel bou vir die Naam van my God, die Here, en dit aan Hom wy. Daar sal ons Hom eer met wierookoffers, met offerbrood wat voortdurend daar is, en met brandoffers, elke môre en elke aand, elke sabbat, elke nuwemaan en elke vasgestelde feestyd van ons God, die Here. Dit is 'n permanente verpligting wat op Israel rus.

⁵Die tempel wat ek wil bou, gaan groot wees, want ons God is die grootste van alle gode.

⁶Wie sou eintlik die vermoë hê om vir Hom 'n tempel te bou as die hemel, die hoogste hemel self, Hom nie kan bevat nie? En wie is ek eintlik dat ek, behalwe om Hom met offers te eer, vir Hom ook 'n tempel wil bou?

⁷“Stuur nogtans vir my 'n vakman in die bewerking van goud, silwer, brons en yster en van pers, bloedrooi en blou wol. Hy moet ook vaardig wees in graveerwerk en moet saamwerk met die vakmante hier by my in Juda en Jerusalem wat deur my vader Dawid gewerf is.

⁸Stuur vir my verder ook nog seder-, sipres- en jenewerhout van die Libanon af. Ek weet immers hoe vaardig u arbeiders is in die kap van Libanonbome. My eie arbeiders sal saam met u arbeiders werk.

⁹Hulle moet vir my groot hoeveelhede hout regmaak, want die tempel wat ek wil bou, moet groot en indrukwekkend wees.

¹⁰Vir u arbeiders, die boswerkers wat die bome moet kap, sal ek die volgende voedselvoorrade lewer: drie duisend drie honderd ton koring, twee duisend ses honderd en veertig ton gars, vier honderd en veertig kiloliter wyn en vier honderd en veertig kiloliter olie.”

¹¹Koning Hiram van Tirus het Salomo soos volg skriftelik geantwoord: “Dit was 'n liefdesdaad van die Here aan sy volk dat Hy u koning oor hulle laat word het! ”

¹²Verder het Hiram geskrywe: “Geloof sy die Here die God van Israel, wat die hemel en die aarde gemaak het! Hy het aan koning Dawid 'n wyse seun gegee wat die verstandigheid en insig aan die dag lê om vir die Here 'n tempel te wil bou en vir homself 'n paleis.

¹³Ek stuur hiermee 'n vakman met die nodige kennis, my meestervakman Hiram.

¹⁴Hy is die seun van 'n vrou uit Dan, en sy pa is uit Tirus. Hy is vaardig in die bewerking van goud, silwer, brons, yster, klip, hout, pers en blou wol, linne en bloedrooi wol. Bowendien kan hy enige graveerwerk doen en in samewerking met u en u vader Dawid se vakmanne, enige ontwerp uitvoer wat aan hom voorgelê word.

¹⁵As u nou vir ons die koring, gars, olie en wyn stuur soos u onderneem het,

¹⁶sal ons al die hout wat u nodig het, in die Libanon kap en dit in vlotte met die see langs vir u na Joppe toe bring. U kan dit dan na Jerusalem toe laat vervoer.”

¹⁷Salomo het 'n opname laat maak van al die nie-Israeliete in Israel. Dit was ná die opname wat Dawid, sy pa, reeds van hulle laat maak het. Daar is gevind dat hulle een honderd drie en vyftig duisend ses honderd is.

¹⁸Hy het toe sewentig duisend van hulle as draers en tagtig duisend as klipkappers aan die gang gesit in die berge. Daar was drie duisend ses honderd opsigters om die manne aan die werk te hou.

2 Kronieke 3

Die bou van die tempel

(Vgl. 1 Kon. 6:1-38; 7:15-51)

¹Salomo het begin bou aan die huis van die Here in Jerusalem. Dit was op Moriaberg waar die Here aan Dawid, sy pa, verskyn het, op die plek wat Dawid laat regmaak het, waar die dorsvloer van Arauna die Jebusiet was.

²Hy het begin bou op die tweede van die tweede maand, in die vierde jaar van sy regering.

³Die grondplan waarvolgens Salomo die tempel van God gebou het, was soos volg: die lengte volgens die ou maat was dertig meter, en die breedte tien meter.

⁴Die voorportaal aan die voorkant van die tempel was tien meter lank, net so lank as wat die tempel breed was. Die hoogte daarvan was sestig meter. Salomo het dit aan die binnekant met suiwer goud oorgetrek.

⁵Die groot vertrek het hy met sipreshout uitgevoer, met egte goud oorgetrek en daarop palms en kettings laat uitsny.

⁶Hy het die vertrek versier met kosbare edelstene. Die goud was Parwajimgoud.

⁷So het hy die hele vertrek met goudplaat oorgetrek, die balke, drumpels, mure en deure daarvan, en aan die mure het hy ook nog gerubs laat uitsny.

⁸Die Allerheiligste het hy tien meter lank gemaak, net so lank as wat die gebou breed was. Die breedte daarvan was ook tien meter. Hy het die vertrek met egte goud oorgetrek, sowat twintig ton.

⁹Die goue spykers het bietjie meer as 'n halwe kilogram geweeg. Ook die bovertrekke het hy met goud oorgetrek.

¹⁰In die Allerheiligste het hy twee gerubs gemaak, gegote stukke, en hulle ook met goud oorgetrek.

¹¹Die vlerke van die gerubs was saam tien meter lank. Die een gerub se een vlerk het aan die een muur van die vertrek geraak, en sy ander vlerk aan dié van die ander gerub.

¹²Die een vlerk van die ander gerub het aan die ander muur van die vertrek geraak, en sy ander vlerk was vas aan die ander gerub s'n. Elke vlerk was twee en 'n half meter lank.

¹³Die vlerke van hierdie gerubs het dus tien meter ver gereik. Hulle het op hulle eie voetstukke gestaan met die gesigte na die groot vertrek toe.

¹⁴Die voorhangsel het hy gemaak van blou, pers en bloedrooi wol en van linne, en daarop gerubs laat uitwerk.

¹⁵Voor die tempel het hy twee pilare opgerig, sewentien en 'n half meter hoog, met 'n kapiteel van twee en 'n half meter op elkeen.

¹⁶Hy het kettings gemaak vir 'n krans en dit bo-aan die pilare aangebring. Daarna het hy honderd granate gemaak en aan die kettings vasgesit.

¹⁷Die pilare het voor die tempel gestaan, een regs en een links. Die regterkantste het hy Jakin genoem en die linkerkantste Boas.

2 Kronieke 4

¹Hy het die bronsaltaar gemaak, tien meter lank, tien meter breed en vyf meter hoog.

²Hy het ook die gegote waterbak gemaak, heeltemal rond, vyf meter in deursnee, twee en 'n half meter hoog en met 'n omtrek van vyftien meter.

³Onderom die rand van die waterbak was twee rye beeste in reliëf, tien op elke halwe meter. Die beeste is saam met die waterbak in een stuk gegiet.

⁴Die waterbak het gerus op twaalf gegote beeste, drie na die noorde, drie na die weste, drie na die suide en drie na die ooste gerig. Die waterbak was bo-oor hulle, en almal se agterkante was onder die bak in.

⁵Die waterbak was nege sentimeter dik en sy rand was soos 'n beker se rand in die vorm van die kelk van 'n lelie. Dit kon ses en sestig kiloliter bevat.

⁶Hy het tien waskomme gemaak en vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant gesit. Daarin spoel hulle die offergereedskap af. Die waterbak is vir die priesters om in te was.

⁷Hy het tien goue kandelaars gemaak volgens voorskrif en hulle in die voorste heiligdom gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant.

⁸Hy het tien tafels gemaak en in die voorste heiligdom gesit, vyf aan die regterkant en vyf aan die linkerkant. Hy het honderd goue komme vir besprinkeling gemaak.

⁹Hy het die voorhof van die priesters ingerig en die groot binneruimte, met deure vir die binneruimte. Albei se deure het hy met brons oorgetrek.

- ¹⁰Die waterbak het hy aan die regterkant, suidoos van die tempel, opgestel.
- ¹¹Hiram het die potte, die skoppe en die komme vir besprinkeling gemaak. So het hy die werk afgehandel wat hy vir koning Salomo aan die tempel van God moes doen:
- ¹²die twee pilare met die komvormige skywe en die kapitele bo-aan die twee pilare, en ook die roosters om die twee skywe van die kapitele bo-aan die pilare toe te maak;
- ¹³die vier honderd granate vir die twee roosters, 'n dubbele ry granate vir elke rooster om die skywe van die kapitele bo-op die pilare toe te maak.
- ¹⁴Hy het ook die waentjies en die waskomme op die waentjies gemaak,
- ¹⁵die waterbak met die twaalf beeste daaronder,
- ¹⁶die potte, skoppe en vurke. Al die nodige toerusting het die meestersvakman Hiram vir koning Salomo vir die huis van die Here vervaardig van gepoleerde brons.
- ¹⁷Die koning het hulle in die omgewing van die Jordaan, tussen Sukkot en Saretan, in kleivorms laat giet.
- ¹⁸Salomo het so 'n groot hoeveelheid van al hierdie goed laat maak dat die brons nie geweeg kon word nie.
- ¹⁹Salomo het ook al die toerusting vir die tempel van God laat maak: die goue altaar, die tafels vir die offerbrood;
- ²⁰die kandelaars met die lampe wat volgens voorskrif voor die binneste heiligdom aan die brand gehou moes word, alles van suiwer goud;
- ²¹die blomkelke, die lampe en die goue pithouers, alles heeltemal van goud;
- ²²die skêre, die komme vir die besprinkeling, die panne en die vuurbakke, alles van suiwer goud. Ook die ingang van die tempel, sy deure, die binnekant van die Allerheiligste en die deure van die voorste heiligdom was van goud.

2 Kronieke 5

¹Nadat al die werk wat Salomo aan die huis van die Here gedoen het, afgehandel is, het hy die besondere wydingsgeskenke van Dawid, sy pa, ingebring. Die silwer en goud en al die toebehore het hy in die voorraadkamers van die tempel van God gesit.

Die ark word in die tempel gesit

(Vgl. 1 Kon. 8:1-9)

²Daarna het Salomo die leiers van Israel, die stamhoofde en die Israelitiese familiehoofde in Jerusalem bymekaargeroep om die verbondsark van die Here uit Sion, die Dawidstad, te laat uitbring.

³Al die manne van Israel het by die koning bymekaargekom op die feesdag in die sewende maand.

⁴Nadat al die leiers van Israel gekom het, het die Leviete die ark opgetel

⁵en die ark, die tent van ontmoeting en al die toebehore van die heiligdom wat in die tent was, gedra. Die Levitiese priesters het dit gedra.

⁶Koning Salomo en die hele gemeente van Israel wat saam met hom voor die ark was, het soveel kleinvee en beeste geoffer dat dit nie getel of bereken kon word nie.

⁷Toe het die priesters die verbondsark van die Here na sy plek toe gebring onder die vlerke van die gerubs in die binneste heiligdom van die tempel, dit is die Allerheiligste.

⁸Die gerubs se vlerke was oopgesprei oor die staanplek van die ark. Hulle het die ark en sy draaghoute aan die bokant bedek.

⁹Die draaghoute was so lank dat hulle punte by die ark verby gestee het aan die voorkant van die binneste heiligdom, maar hulle kon nie van buite af gesien word nie. Hulle is vandag nog daar.

¹⁰Daar was niks in die ark nie behalwe die twee plat klippe wat Moses by Horeb gemaak het toe die Here by die uittog van die Israeliete uit Egipte met hulle 'n verbond gesluit het.

¹¹Al die aanwesige priesters het hulle gereinig, ongeag hulle diensbeurte. Toe die priesters uit die heiligdom uitkom,

¹²het die Levitiese sangers oos van die altaar reggestaan met simbale, harpe en liere. Hulle was almal daar: Asaf, Heman en Jedutun met hulle volgeling en ampsgenote. Hulle het hulle linneklere aangehad, en by hulle was omtrent honderd en twintig priesters, trompetblasers.

¹³Presies gelyk, soos een man, het die trompetblasers en die sangers die lof en dank aan die Here laat weerklink. Die klank van trompette, simbale, allerhande instrumente en die loflied ter ere van die Here het opgeklank: “Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.” Op daardie oomblik het 'n wolk die huis van die Here gevul.

¹⁴Daarom kon die priesters nie vir diens aantree nie. Dit was die magtige teenwoordigheid van die Here wat die tempel van God gevul het.

2 Kronieke 6

Toespraak van Salomo

(Vgl. 1 Kon. 8:12-21)

¹Toe het Salomo gesê: “Die Here het gesê Hy wil in duisternis woon.

²Daarom het ek vir U 'n waardige huis gebou, 'n verblyf waar U altyd kan woon.”

³Daarna het die koning sy gesig na die hele gemeente van Israel toe gedraai en die hele gemeente van Israel geseën terwyl hulle daar staan.

⁴Hy het gesê: “Geloof sy die Here die God van Israel wat aan my vader Dawid 'n belofte gedoen het en dit deur sy mag vervul het. “Die woorde van die Here was:

⁵“Van die dag af dat Ek my volk uit Egipte gebring het, het Ek uit al die stamgebiede van Israel nie 'n stad gekies waar 'n tempel gebou kan word sodat my Naam daar kan wees nie en het Ek ook nie iemand gekies om heerser oor my volk Israel te wees nie,

⁶totdat Ek Jerusalem gekies het sodat my Naam daar kan wees, en vir Dawid sodat hy oor my volk Israel kon regeer.’

⁷“My vader Dawid was van voorneme om 'n tempel te bou vir die Naam van die Here die God van Israel,

⁸maar die Here het vir my vader Dawid gesê: ‘Dat dit jou voorneme is om 'n tempel vir my Naam te bou — dit is goed dat jy die voorneme het.

⁹Maar nie jý sal die tempel bou nie; jou seun wat uit jou voortgekom het, hý sal die tempel vir my Naam bou.’

¹⁰“Die Here het die belofte wat Hy gemaak het, nagekom. Ek het my vader Dawid se plek geneem en op die troon van Israel gekom soos die Here beloof het. Die tempel vir die Naam van die Here die God van Israel het ek gebou

¹¹en die ark waarin die verbond van die Here is wat Hy met die Israeliete gesluit het, het ek daar gesit.”

Gebed van Salomo

(Vgl. 1 Kon. 8:22-53)

¹²Toe gaan staan Salomo regoor die altaar van die Here, voor die hele gemeente van Israel, en strek sy hande uit.

¹³Hy het op 'n bronsverhoog gestaan wat hy gemaak het en in die voorhof gesit het. Dit was twee en 'n half meter lank, twee en 'n half meter breed, een en 'n half meter hoog. Hy het daarop gaan staan en toe kniel hy voor die hele gemeente van Israel en strek sy hande uit na die hemel toe

¹⁴en sê: “Here, God van Israel, in die hemel of op die aarde is daar nie nog 'n God soos U nie. U hou U aan die verbond en U bly getrou teenoor u dienaars wat met volle oorgawe voor U lewe.

¹⁵U het U gehou aan wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het. U het die belofte gemaak en dit so, soos dit vandag is, deur u woord en u mag vervul.

¹⁶“Here, God van Israel, bly dan nou by wat U u dienaar, my vader Dawid, beloof het toe U gesê het: Ek sal sorg dat daar altyd iemand uit jou nageslag

op die troon van Israel sal wees mits jou nakomelinge let op hulle optrede en volgens my woord lewe, soos jy gemaak het.

¹⁷“Here, God van Israel, laat die belofte wat U aan u dienaar Dawid gedoen het, ook verder vas staan.

¹⁸“Sou God werklik by die mens op die aarde woon? Die hemel, selfs die hoogste hemel, kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek gebou het!

¹⁹“Hoor tog, Here my God, die gebed van u dienaar, hoor sy smeking, luister na die hulpgeroep, die gebed wat u dienaar tot U rig.

²⁰Hou hierdie tempel dag en nag onder u sorg, die plek waarvan U gesê het dat U u Naam daar wil vestig, sodat U die gebed kan hoor wat 'n dienaar van U na hierdie plek toe bid.

²¹Hoor tog die smeekbedes van u dienaar en u volk Israel wat hulle na hierdie plek toe bid, hoor dit tog uit u hemelse woonplek, en wanneer U dit hoor, vergewe tog!

²²“As iemand sy naaste kwaad aandoen en dié hom 'n eedverpligting oplê om hom onder 'n vloek te plaas, en hy kom en spreek die eed uit voor u altaar in hierdie tempel,

²³luister tog uit die hemel en gryp in en vel die beslissing oor u dienaars sodat die skuldige die straf vir sy dade ondergaan en die onskuldige gelyk gegee word soos dit by sy onskuld pas.

²⁴“As u volk Israel deur 'n vyand verslaan word omdat hulle teen U gesondig het en hulle kom tot inkeer en bely u Naam en bid tot U in hierdie huis en smeek U,

²⁵luister tog uit die hemel en vergeef u volk Israel se sonde en laat hulle terugkom na die land wat U aan hulle en hulle voorvaders gegee het.

²⁶“Wanneer die hemele toegesluit bly en daar nie reën is nie omdat hulle teen U sondig, en hulle bid na hierdie plek toe en bely u Naam terwyl hulle hulle van hulle sonde bekeer en vra dat U hulle gebed sal verhoor,

²⁷luister tog uit die hemel en vergeef u dienaars en u volk Israel se sonde en gee reën op u land wat U aan u volk as besitting gegee het. So leer U hulle die goeie weg wat hulle moet bewandel.

²⁸“Sou daar hongersnood in die land kom, sou daar pes uitbreek, brandkoring of roes, swerms sprinkane en voetgangers, sou dit gebeur dat die volk se vyande hom in sy stede hier in die land beleër, watter plaag of siekte hom ook al tref,

²⁹luister tog na elke gebed, elke smeking wat van enige mens of van u hele volk Israel mag kom soos elkeen sy plaag en sy smart te kenne gee en sy hande na hierdie tempel toe uitstrek;

³⁰luister tog uit die hemel, u woonplek, en vergeef en gee aan elkeen wat hy verdien soos U sy hart ken, want net U ken die mens se hart,

³¹sodat hulle aan U gehoorsaam sal wees en u weg sal bewandel die hele tyd dat hulle in die land leef wat U aan ons voorvaders gegee het.

³²“Luister ook na die vreemdeling wat nie uit u volk Israel is nie en, omdat hy gehoor het van u groot Naam, u mag en krag, selfs uit 'n ver land kom en na hierdie tempel toe bid.

³³Luister tog uit die hemel, u woonplek, en doen alles wat die vreemdeling U in sy gebed vra, sodat al die volke van die aarde u Naam kan ken en ook aan U gehoorsaam kan wees net soos u volk Israel, en dat hulle kan weet u Naam is uitgeroep oor hierdie tempel wat ek gebou het.

³⁴“Sou u volk teen sy vyande uittrek in 'n oorlog wat deur U beveel is, en hulle bid tot U in die rigting van hierdie stad wat U gekies het en die huis wat ek vir u Naam gebou het,

³⁵luister tog uit die hemel na hulle gebed en hulle smeking en gee hulle die oorwinning.

³⁶“Sou hulle teen U sondig, want daar is nie 'n mens wat nie sondig nie, en U in u verontwaardiging hulle aan 'n vyand oorgee sodat hulle as gevangenes weggevoer word na 'n land, ver of naby,

³⁷en hulle daar in dié land waar hulle gevangenes is, tot inkeer kom en hulle weer tot U wend en U daar in die land van hulle gevangenskap smekend aanroep: ‘Ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig’,

³⁸en hulle tot U wend met hart en siel in die land van hulle gevangenskap en hulle bid in die rigting van hulle land wat U aan hulle voorvaders gegee het en van die stad wat deur U gekies is en die tempel wat ek vir u Naam gebou het,

³⁹luister tog uit die hemel, uit u woonplek, na hulle gebed en smeking en neem hulle straf weg en vergeef u volk wat teen U gesondig het.

⁴⁰“My God, hou dan nou hierdie plek onder u sorg en verhoor tog elke gebed hiervandaan.

⁴¹“Kom dan nou na u rusplek toe, Here God, U en u magtige ark. Laat u priesters, Here God, onder die beskerming van u hulp lewe, en laat u troue dienaars hulle verheug in die goeie dinge.

⁴²Here God, hou u gesalfde onder u sorg. Dink aan wat U toegesê het aan u dienaar Dawid.”

2 Kronieke 7

Inwyding van die tempel

(Vgl. 1 Kon. 8:62-66)

¹Toe Salomo klaar gebid het, het daar vuur uit die hemel gekom en die brandoffers en ander diereoffers verteer, en die magtige teenwoordigheid van die Here het die tempel gevul.

²Die priesters kon nie in die huis van die Here ingaan nie, so het sy magtige teenwoordigheid sy huis gevul.

³Toe al die Israeliete sien dat die vuur en die magtige teenwoordigheid van die Here op die tempel af kom, het hulle op die plaveisel gekniel. Hulle het in

eerbetoon gebuig en die Here geloof: “Want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.”

⁴Die koning en die hele volk het vir die Here offerandes gebring.

⁵Koning Salomo het twee en twintig duisend beeste en honderd en twintig duisend stuks kleinvee geoffer. So het die koning en die hele volk die tempel van God ingewy.

⁶Die priesters het op hulle poste gestaan en so ook die Leviete met die instrumente vir die lied tot die eer van die Here. Koning Dawid het die instrumente laat maak om die Here te loof: “Aan sy liefde is daar geen einde nie.” So was die lofsang van Dawid in die Leviete se hande. Regoor hulle het die priesters die trompette geblaas en die hele Israel het daar gestaan.

⁷Salomo het die middelgedeelte van die voorhof wat reg voor die huis van die Here is, gewy, want dit is waar hy die brandoffers en die vetgedeeltes van die maaltydoffers verbrand het. Op die bronsaltaar wat hy gemaak het, was daar nie plek vir die brandoffers en die graanoffers en die vetgedeeltes nie.

⁸Salomo, en die hele Israel saam met hom wat gekom het uit die hele land, van Lebo-Hamat af tot by Egiptespruit, 'n baie groot gemeente, het destyds sewe dae lank fees gehou.

⁹Op die agste dag na die inwyding van die altaar wat sewe dae lank gevier is, het hulle 'n feestelike byeenkoms gehou. Die huttefees daarna het ook sewe dae geduur.

¹⁰Eers op die drie en twintigste van die sewende maand het Salomo die volk terug laat gaan huis toe, bly en gelukkig oor die goeie dinge wat die Here gedoen het aan Dawid, Salomo en sy volk Israel.

¹¹So het Salomo dan die huis van die Here en die koninklike paleis voltooi. Alles wat Salomo onderneem het aan die huis van die Here en aan sy eie paleis, is voorspoedig afgehandel.

Die belofte en dreigement van die Here

(Vgl. 1 Kon. 9:1-9)

¹²Daarna verskyn die Here een nag aan Salomo en sê vir hom: “Ek het jou gebed verhoor en hierdie plek vir My gekies as die plek waar daar vir My offerandes gebring kan word.

¹³As Ek die hemel gesluit hou sodat daar geen reën is nie, of as Ek die sprinkaan beveel om die land kaal te vreet, of as Ek pes onder my volk stuur,

¹⁴en my volk oor wie my Naam uitgeroep is, toon berou en bid en vra na my wil en draai terug van hulle bese wê af, sal Ek luister uit die hemel en hulle sonde vergewe en hulle land laat herstel.

¹⁵Ek sal hierdie plek nou onder my sorg neem en ontvanklik wees vir elke gebed hiervandaan.

¹⁶En nou kies Ek en heilig Ek hierdie tempel sodat my Naam altyd daar sal wees, en dit altyd my sorg en my liefde sal geniet.

¹⁷“En jy, as jy soos jou vader Dawid leef volgens my wil en alles doen wat Ek jou beveel, en my voorskrifte en bepalinge nakom,

¹⁸sal Ek jou heerskappy bestendig. So het Ek met jou vader Dawid ooreengekom: Nooit sal dit jou ontbreek aan iemand om oor Israel te regeer nie.

¹⁹“Maar as julle wegdraai en my voorskrifte en my gebooie wat Ek julle gegee het, verontagsaam en julle gaan dien ander gode en buig voor hulle,

²⁰sal Ek julle wegdryf uit my land wat Ek julle gegee het, en sal Ek hierdie tempel wat Ek vir my Naam geheilig het, voor My wegvee. Ek sal daarvan 'n spot en 'n skimp maak onder al die volke.

²¹Ja, hoe verhewe hierdie tempel ook al was vir elke verbyganger, die verbyganger sal dan sy asem intrek en sê: ‘Waarom het die Here dit gedoen aan dié land en dié tempel? ’

²²En die mense sal sê: Omdat daardie volk vergeet het van die Here die God van hulle voorvaders, wat hulle uit Egipte gebring het. Hulle het hulle aan

ander gode verbind en voor hulle gebuig en hulle gedien. Daarom het Hy al hierdie groot rampe oor sy volk gebring.”

2 Kronieke 8

Salomo se administratiewe reëlins

(Vgl. 1 Kon. 9:10-28)

¹Na afloop van die twintig jaar waarin Salomo die huis van die Here en sy eie paleis gebou het,

²het hy die stede wat Hiram aan hom oorgedra het, weer opgebou en Israeliete daar gevestig.

³Hy het na Hamat-Soba toe gegaan en dié ingeneem.

⁴Hy het Tadmor in die woestyn versterk, en ook al die voorraadstede wat hy in Hamat gebou het.

⁵Hy het Bet-Goron-Bo en Bet-Goron-Onder herbou, vestingstede met mure, poortdeure en sluitbalke;

⁶net so ook Baälat en al die voorraadstede wat hy besit het, die stede vir die strydwapagte en die berede magte. Verder het hy al die bouwerk waarop hy besluit het, voltooi in Jerusalem, op die Libanon en dwarsdeur die land waaroor hy geregeer het.

⁷Salomo het al die nie-Israeliete, die mense wat nog oor was van die Hetiete, Amoriete, Feresiete, Hewiete en Jebusiete,

⁸afstammelinge van dié wat nie deur die Israeliete uitgeroei is nie en nog oor was in die land, dwangarbeid laat doen. Dit is vandag nog so.

⁹Salomo het nie die Israeliete as arbeiders gebruik vir sy projekte nie, want hulle was die soldate en die aanvoerders van sy strydwabemannings, sy strydwapag en sy berede mag.

¹⁰Daar was ook nog die volgende getal uitvoerende beamptes oor wie koning Salomo beskik het: twee honderd en vyftig wat gesag oor die volk uitgeoefen het.

¹¹Salomo het die dogter van die farao uit die Dawidstad laat trek na die paleis toe wat hy vir haar gebou het, “want,” het hy gesê, “'n vrou van my kan nie in die paleis van koning Dawid van Israel woon nie; dit is 'n heiligdom, want die ark van die Here het daar gestaan.”

¹²Salomo het brandoffers vir die Here gebring op die altaar van die Here wat hy reg voor die voorportaal gebou het.

¹³Die offers is gebring soos dit van dag tot dag moes gebeur volgens die voorskrif van Moses: op die sabbatte, die nuwemaansfeeste en die feestye drie maal per jaar, naamlik die fees van die ongesuurde brood, die fees van die weke en die huttefees.

¹⁴Salomo het, volgens die orde wat sy vader Dawid vasgestel het, vir die priesterafdeling hulle dienste bepaal en vir die Leviete hulle diensbeurte met die oog op die lofsang en die bystand aan die priesters soos dit van dag tot dag nodig was; so ook vir die afdelings poortwagte by elke poort. Dit is immers hoe Dawid, die man van God, dit voorgeskryf het.

¹⁵Hulle het ook nie afgewyk van die koninklike voorskrif vir die priesters en die Leviete ten opsigte van alles in verband met die voorraadkamers nie.

¹⁶So is al Salomo se werk afgehandel, van die dag af dat die fundamente van die huis van die Here gelê is totdat Salomo die tempel voltooi het.

¹⁷Daarna is Salomo na Esjon-Geber en na Elat toe, aan die see by Edom.

¹⁸Hiram het vir hom skepe gestuur en ervare seemanne onder bevel van hulle eie offisiere. Hulle het met die manne van Salomo saamgegaan na Ofir toe en daar sowat vyftien en 'n half ton goud vir koning Salomo gaan haal.

2 Kronieke 9

Die besoek van die koningin van Skeba

(Vgl. 1 Kon. 10:1-13)

¹Die koningin van Skeba het gehoor wat van Salomo vertel word en sy het toe self na Jerusalem toe gekom om hom met moeilike vrae te toets. Sy het 'n baie groot gevolg saamgebring en ook kamele wat belaaie was met kosbare kruie en

'n groot hoeveelheid goud en edelstene. Toe sy by Salomo kom, het sy met hom oor alles gepraat waaraan sy kon dink,

²en Salomo het vir haar 'n antwoord gehad op al haar vrae. Niks was vir Salomo onverklaarbaar nie: hy kon haar op alles antwoord.

³Die koningin van Skeba het onder die indruk gekom van Salomo se wysheid, die tempel wat hy gebou het,

⁴die geregte op sy tafel, die manier waarop sy amptenare aangesit het, die bediening deur sy tafelbediendes met hulle monderings, sy skinkers met hulle monderings, en van die optog wanneer hy na die huis van die Here toe opgegaan het. Haar asem het daarvan weggeslaan.

⁵Sy het vir die koning gesê: “Wat ek in my land oor u en u wysheid gehoor het, is waar.

⁶Ek het nie geglo wat hulle vir my gesê het nie totdat ek gekom en myself oortuig het. Nou weet ek dat nie eers die helfte vir my vertel is oor u groot wysheid nie. U het alles wat ek gehoor het, ver oortref.

⁷Hoe bevoorreg is u mense en hoe bevoorreg is hierdie amptenare van u dat hulle gedurig in u diens staan en u wysheid aanhoor!

⁸Geloof sy u God, die Here, wat aan u soveel liefde bewys dat Hy u op sy troon gesit het, 'n koning deur u God, die Here, self aangewys! Dit is omdat u God vir Israel liefhet en die volk altyd in stand wil hou dat Hy u as koning oor hulle aangestel het om die orde en die reg te handhaaf.”

⁹Sy het vir die koning meer as vier ton goud en 'n groot hoeveelheid kosbare kruie en edelstene gegee. Die kruie wat die koningin van Skeba vir koning Salomo gegee het, was meer as wat ooit die land ingekom het.

¹⁰Bowendien het die dienaars van Hiram en Salomo wat die goud uit Ofir gebring het, ook nog jenewerhout en edelstene gebring.

¹¹Die koning het die jenewerhout gebruik vir relings by die huis van die Here en by die koninklike paleis, en vir die liere en harpe van die musikante. Die gelyke daarvan is tevore nie in Juda gesien nie.

¹²Vir die koningin van Skeba het koning Salomo alles gegee wat sy begeer en gevra het, meer selfs as wat sy vir die koning gebring het. Sy is toe terug na haar land toe, sy en haar gevolg.

Die rykdom, weelde en mag van Salomo

(Vgl. 1 Kon. 10:14-25)

¹³Salomo se jaarlikse inkomste aan goud het sowat drie en twintig ton beloop.

¹⁴Behalwe wat die reisigers en handelaars ingebring het, het al die konings van Arabië en die Israelitiese goewerneurs ook goud en silwer aan Salomo gelewer.

¹⁵Koning Salomo het twee honderd groot skilde van goud gemaak; hy het vir elke skild byna sewe kilogram gebruik.

¹⁶Hy het ook nog drie honderd klein skilde van goud gemaak; hier het hy sowat drie en 'n half kilogram vir elke skild gebruik. Die koning het hulle opgestel in die Libanonsbosgebou.

¹⁷Verder het die koning 'n groot ivoortroon gemaak en dit met suiwer goud oorgetrek.

¹⁸Die troon het ses trappe gehad en 'n voetbank wat met goud aan die troon vasgeheg was. Weerskante van die sitplek was daar armleunings, met 'n leeu langs elkeen.

¹⁹Twaalf leeus het op die ses trappe gestaan, ses aan elke kant. Daar is in geen ander koninkryk so iets gemaak nie.

²⁰Al koning Salomo se drinkgerei was van goud. Alles wat in die Libanonsbosgebou gebruik is, was van fyngoud. Silwer is in Salomo se dae nie as iets besonders beskou nie.

²¹Die koning het 'n vloot gehad wat saam met die dienaars van Hiram na Tarsis toe gevaar het. Om die drie jaar het die Tarsisvloot teruggekom, vol goud en silwer, ivoor, ape en bobbejane.

²²Koning Salomo het al die konings van die aarde oortref in rykdom en wysheid.

²³Al die konings van die aarde het geprobeer om hom te sien te kry en die wysheid wat God hom gegee het, aan te hoor.

²⁴Elkeen het sy geskenk saamgebring: silwer- en goudware, mantels, wapenrusting, kosbare kruie, perde en muile. So het dit jaar vir jaar gegaan.

²⁵Salomo het vier duisend stalle vir perde en strydwaens gehad en twaalf duisend ruiters. Hy het hulle gestasioneer in die strydwaposte en by die paleis in Jerusalem.

²⁶Hy was opperheerser oor al die konings, van die Eufraat af tot in die land van die Filistyne en tot aan die grens van Egipte.

²⁷Silwer het hy in Jerusalem so alledaags soos klippe gemaak en seders soos die wildevyebome in die Laeveld.

²⁸Perde is vir Salomo uit Egipte en al die lande ingevoer.

Die dood van Salomo

(Vgl. 1 Kon. 11:41-43)

²⁹Die res van die verhale oor Salomo, dié van vroeër sowel as dié van later, is opgeteken in Die Verhale van die Profeet Natan, Die Profesieë van Agija van Silo, en Die Gesigte van die Siener Jedi oor Jerobeam seun van Nebat.

³⁰Salomo was veertig jaar koning in Jerusalem oor die hele Israel.

³¹Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Rehabeam het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 10

Die skeuring van die ryk

(Vgl. 1 Kon. 12:1-19)

¹Rehabeam het na Sigem toe gegaan omdat die hele Israel daarheen gekom het om hom tot koning te kroon.

²Jerobeam seun van Nebat was nog in Egipte, waarheen hy vir koning Salomo gevlug het, en toe hy die berig kry, het hy uit Egipte teruggekom.

³Dit was nadat hulle boodskappers gestuur en hom laat roep het. Hy en die hele Israel kom toe na Rehabeam toe en sê vir hom:

⁴“U vader het ons 'n swaar juk laat dra. As u die verpligtinge wat u vader ons opgelê het, minder maak en so die juk ligter maak wat hy ons laat dra het, sal ons u onderdane bly.”

⁵Rehabeam het vir hulle gesê: “Kom oor drie dae na my toe terug.” Nadat die volk vertrek het,

⁶het Rehabeam toe die raad gevra van die ouer mense wat in diens van Salomo, sy pa, was tydens dié se lewe. “Wat meen julle moet ek hierdie mense antwoord? ” het hy gevra.

⁷Hulle het vir hom gesê: “As u dit goed bedoel met hierdie volk en hulle tevrede stel en hulle 'n gunstige antwoord gee, sal hulle altyd u onderdane bly.”

⁸Maar hy het die raad wat die ouer mense hom gegee het, in die wind geslaan en die raad gevra van die jonger manne wat saam met hom grootgeword het en in sy diens was:

⁹“Wat meen julle moet ons hierdie mense antwoord? Hulle het gevra ek moet die juk wat my pa op hulle gelê het, ligter maak.”

¹⁰Die jongmanne wat saam met hom grootgeword het, het vir hom gesê: “U moet die volk soos volg antwoord. Hulle het vir u gesê: ‘U vader het ons 'n swaar juk laat dra, maak u vir ons die juk ligter.’ U moet vir hulle sê: “My pinkie is dikker as my pa se middellyf.

¹¹My pa het 'n swaar juk op julle laat druk, ek gaan die juk nog swaarder maak. My pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels slaan.”

¹²Toe Jerobeam en die hele volk die derde dag by koning Rehabeam kom volgens sy opdrag “Kom oor drie dae na my toe terug”

¹³het hy hulle dié harde antwoord gegee. Koning Rehabeam het die raad van die ouer mense in die wind geslaan

¹⁴en die volk geantwoord volgens die raad van die jonger manne: “Ek gaan 'n swaar juk op julle lê, ek gaan dit nog swaarder maak. My pa het julle met swepe geslaan, ek sal julle met gesels slaan.”

¹⁵Die koning het nie aan die versoek van die volk voldoen nie. Dit was 'n beskikking van die Here God, sodat Hy sy belofte kon hou wat Hy deur Agija van Silo aan Jerobeam seun van Nebat gegee het.

¹⁶Toe die Israeliete hoor dat die koning nie aan hulle versoek voldoen het nie, het hulle vir hom gesê: “Dawid is nie deel van ons nie; ons het niks aan Isai se seun nie! Elkeen terug na sy woonplek toe, Israel! Kyk nou maar na jou eie huis, Dawid! ” Die hele Israel is toe terug na sy eie woongebied toe.

¹⁷Rehabeam het net koning geword oor die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het.

¹⁸Koning Rehabeam het vir Adoniram, wat in bevel van die dwangarbeid was, na Israel toe gestuur, maar die Israeliete het hom met klippe doodgegooi, en koning Rehabeam self het dit net-net reggekry om op sy strydwa te kom en na Jerusalem toe te vlug.

¹⁹So het Israel in opstand gekom teen die koningshuis van Dawid, en dit is vandag nog so.

2 Kronieke 11

Rehabeam se poging om die opstand te onderdruk

(Vgl. 1 Kon. 12:20-24)

¹Dadelik nadat Rehabeam in Jerusalem terug was, het hy honderd en tagtig duisend uitgesoekte manne uit die stamme Juda en Benjamin opgeroep om teen Israel te veg en die koningskap vir hom terug te wen.

²Maar die woord van die Here het tot Semaja, die man van God, gekom en gesê:

³“Sê vir Rehabeam seun van Salomo, koning van Juda, en vir al die Israeliete in Juda en Benjamin:

⁴So sê die Here: Moenie optrek en teen julle broers veg nie. Gaan terug, elkeen na sy huis toe, want wat gebeur het, kom van My af.” Hulle het geluister na die woorde van die Here en die veldtog teen Jerobeam laat vaar.

Die vestingstede van Rehabeam

⁵Rehabeam het in Jerusalem gewoon. Vir die beveiliging van Juda het hy 'n aantal stede herbou.

⁶Hy het die volgende vestingstede in Juda en Benjamin herbou: Betlehem, Etam, Tekoa,

⁷Bet-Sur, Soko, Adullam,

⁸Gat, Maresa, Sif,

⁹Adorajim, Lakis, Aseka,

¹⁰Sora, Ajalon en Hebron.

¹¹Hy het die vestings versterk, bevelhebbers oor hulle aangestel en daar voorrade kos, olie en wyn gehou.

¹²In elke stad was daar ook skilde en spiese. So het hy die vestings baie goed versterk en beheer gehad oor Juda en Benjamin.

Die priesters en die Leviete vestig hulle in Juda

¹³Die priesters en die Leviete wat oral in Israel gewoon het, het uit al hulle gebiede gekom en in Rehabeam se gebied kom woon.

¹⁴Die Leviete moes hulle weivelde en besittings verlaat en na Juda en Jerusalem toe kom omdat Jerobeam en sy opvolgers hulle nie meer toegelaat het om priesters vir die Here te wees nie.

¹⁵Jerobeam het sy eie priesters aangestel vir die hoogtes en die veldgode en die kalwerbeelde wat hy gemaak het.

¹⁶In navolging van die Leviete het mense wat die Here die God van Israel wou dien, uit al die Israelitiese stamme na Jerusalem toe gekom om daar offerandes te bring aan die Here die God van hulle voorvaders.

¹⁷So het hulle die koninkryk van Juda verder versterk en drie jaar by Rehabeam seun van Salomo gestaan. Hulle het dié drie jaar in die spore van Dawid en Salomo gevolg.

Die vrouens en kinders van Rehabeam

¹⁸Rehabeam was getroud met Magalat. Haar pa was Jerimot seun van Dawid en haar ma was Abihajil dogter van Eliab, seun van Isai.

¹⁹Magalat het vir hom die seuns Jeüs, Semarja en Saham in die wêreld gebring.

²⁰Later is Rehabeam ook getroud met Maäka dogter van Abisalom en by haar het hy vier seuns gehad: Abia, Attai, Sisa en Selomit.

²¹Rehabeam het vir Maäka dogter van Abisalom liever gehad as vir al sy ander vrouens en byvrouens. Hy het altesaam agtien vrouens en sestig byvrouens gehad en was die pa van ag en twintig seuns en sestig dogters.

²²Hy het vir Abia seun van Maäka as die eerste in rang aangestel en hom die gesag oor sy broers gegee met die oog op die koninklike opvolging.

²³Verder het Rehabeam die slim beleid gevolg om sy seuns oral in die versterkte stede van Juda en Benjamin te laat woon. Hy het gesorg dat hulle van 'n oorvloed lewensmiddele voorsien is en het deur onderhandeling vir hulle 'n menigte vrouens verkry.

2 Kronieke 12

'n Egiptiese inval in Juda

(Vgl. 1 Kon. 14:25-28)

¹Rehabeam was nouliks goed gevestig in sy koningskap en seker van sy mag, of hy en die hele Israel saam met hom het die woord van die Here verontagsaam.

²Hulle was ontrou aan die Here, en daarom het Hy vir koning Sisak van Egipte teen Jerusalem laat optrek. Dit was in die vyfde jaar van Rehabeam se regering.

³Sisak het twaalf honderd strydwaens en 'n berede mag van sestig duisend man gehad, terwyl die ander soldate wat saam met hom uit Egipte gekom het, te veel was om te tel. Daar was Libiërs, Sukkeërs en Kussiete.

⁴Nadat Sisak die vestingstede in Juda verower het, het hy in die rigting van Jerusalem getrek.

⁵Die profeet Semaja kom toe na Rehabeam en die leiers van Juda toe wat in Jerusalem saamgetrek het uit vrees vir Sisak, en sê vir hulle: “So sê die Here: Julle het My verlaat, en nou het Ek julle verlaat en is julle in Sisak se mag.”

⁶Die leiers van Israel en die koning het hulle verootmoedig en het gesê: “Die Here doen reg.”

⁷Toe die Here hulle berou sien, kom sy woord weer tot Semaja en sê: “Hulle is vol berou. Ek sal hulle nie uitroei nie. Ek sal hulle gou uit die greep van Sisak laat vrykom en my toorn oor Jerusalem nie deur Sisak laat losbreek nie.

⁸Maar hulle sal aan hom onderhorig word, en hulle sal agterkom wat dit is om My te dien en wat dit is om die konings van ander lande te dien.”

⁹Koning Sisak van Egipte het teen Jerusalem opgetrek en beslag gelê op die skatte in die huis van die Here en die paleis. Hy het alles gevat, ook die goue skilde wat Salomo laat maak het.

¹⁰Koning Rehabeam het toe bronskilde in die ander se plek laat maak en dié oorhandig aan die offisiere van die wag wat by die ingang van die paleis diens gedoen het.

¹¹Elke keer wanneer die koning na die huis van die Here toe gegaan het, het die wag die skilde gedra, en daarna het hulle die skilde teruggebring na die wagte se kamer toe.

¹²Omdat die koning berou gehad het, het die toorn van die Here nie op hom bly rus nie en het dit hom nie heeltemal vernietig nie. Daar was trouens nog iets goeds in Juda.

Die dood van Rehabeam

(Vgl. 1 Kon. 14:21-22,31-32)

¹³Koning Rehabeam het 'n stewige houvas op die koningskap in Jerusalem gehad en het aangehou regeer. Hy was een en veertig toe hy koning geword het en was sewentien jaar lank koning in Jerusalem, die stad wat deur die Here

onder al die Israelitiese stamme gekies is om sy Naam daar te vestig. Rehabeam se ma was Naäma, 'n Ammonitiese vrou.

¹⁴Hy het gedoen wat verkeerd is en hy het hom nie daarop toegelê om na die wil van die Here te vra nie.

¹⁵Die verhale oor Rehabeam, dié van vroeër sowel as dié van later, is opgeteken in Die Verhale van die Profeet Semaja en die Siener Iddo, wat oor die geslagsregister handel. Daar was deurentyd oorlog tussen Rehabeam en Jerobeam.

¹⁶Rehabeam is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Abia het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 13

Die oorlog tussen Abia en Jerobeam

(Vgl. 1 Kon. 15:1-6)

¹In die agtiende regeringsjaar van koning Jerobeam het Abia koning oor Juda geword,

²en hy het drie jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Miga 'n dogter van Uriël, uit Gibeä. Daar het oorlog tussen Abia en Jerobeam uitgebreek.

³Abia het die oorlog begin met 'n mag van vier honderd duisend uitgesoekte soldate, en Jerobeam het hom teengestaan met ag honderd duisend man, ook uitgesoekte soldate.

⁴Abia was op Semarajimberg in die Efraimsberge en hy het daarvandaan geroep: “Luister, Jerobeam en al julle Israeliete!

⁵Julle weet tog dat die Here die God van Israel die koningskap oor Israel vir altyd aan Dawid en sy nageslag gegee het. Dit is 'n onverbreekbare verbond.

⁶Jerobeam seun van Nebat en amptenaar van Salomo seun van Dawid het teen sy koning in opstand gekom,

⁷en 'n klomp roekelose boewe het om hom saamgekoek. Hulle was te sterk vir Rehabeam seun van Salomo, want hy was nog jonk en sag en kon hom nie teen hulle handhaaf nie.

⁸Nou wil julle die koninklike mag van die Here weerstaan wat Hy aan die nageslag van Dawid toevertrou het. Julle is baie en julle het die goue kalwerbeelde by julle wat Jerobeam vir julle vir gode gemaak het.

⁹Julle het die priesters van die Here, die nageslag van Aäron, en ook die Leviete verdryf en vir julle priesters aangestel soos die volke in ander lande doen: elkeen wat 'n bul of sewe skape gebring het, het priester geword vir daardie afgode van julle.

¹⁰“Óns dien die Here ons God; óns het Hom nie verlaat nie. Die priesters wat die diens van die Here verrig, is uit die geslag van Aäron, en die Leviete staan hulle by.

¹¹Hulle bring elke môre en elke aand vir die Here brandoffers en geurige wierookoffers, hulle sit gereeld die offerbrood op 'n rein tafel en steek elke aand die goue kandelaar se lampe op. Ons onderhou nog die diens van die Here ons God, maar julle het Hom verlaat.

¹²Ons het die Here self by ons as leier, en sy priesters staan reg om die trompette te blaas dat die stryd teen julle kan begin. Israeliete, moenie teen die Here, die God van julle voorvaders, veg nie. Julle kan nie wen nie!”

¹³Jerobeam het van sy manskappe om die linies van Juda gestuur om 'n hinderlaag agter hulle op te stel. Daar was dus 'n hinderlaag agter die Judeërs, en Jerobeam en die ander troepe was voor hulle.

¹⁴Toe die Judeërs omkyk en sien hulle word van voor en van agter bedreig, het hulle na die Here om hulp geroep en het die priesters die trompette geblaas.

¹⁵Die manskappe van Juda het die oorlogskreet aangehef, en God het Jerobeam en die hele Israel 'n neerlaag laat ly teen Abia en Juda.

¹⁶Die Israeliete het vir Juda gevlug, want God het Israel in die mag van Juda oorgegee.

¹⁷Abia en sy manne het 'n groot slagting onder hulle aangerig. Vyf honderd duisend van Israel se uitgesoekte manne het gesneuwel.

¹⁸So is die Israeliete destyds 'n vernederende neerlaag toegedien, en het Juda die oorhand gekry omdat hulle gesteun het op die Here, die God van hulle voorvaders.

¹⁹Abia het sy oorwinning oor Jerobeam opgevolg met die besetting van verskeie van Jerobeam se stede: Bet-El, Jesana en Efron, elkeen met sy voorposte.

²⁰Gedurende die regeringstyd van Abia kon Jerobeam nie sy mag herwin nie. Die Here het hom onverwags laat sterf.

Die dood van Abia

(Vgl. 1 Kon. 15:7-8)

²¹Abia se mag het toegeneem. Hy het veertien vrouens gehad en was die pa van twee en twintig seuns en sestion dogters.

²²Die res van die verhale oor Abia, wat hy gedoen en gesê het, is opgeteken in Die Kommentaar van die Profeet Iddo.

2 Kronieke 14

¹Abia is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Asa het hom as koning opgevolg en in dié se tyd het die land tien jaar lank vrede gehad.

Die godsdienstige en militêre maatreëls van Asa

²Asa het gedoen wat goed en reg is in die oë van die Here sy God.

³Hy het die altare van vreemde gode en die hoogtes laat verwoes, die klippilare laat stukkend slaan en die gewyde pale laat afkap.

⁴Hy het bevel gegee dat Juda aan die Here, die God van hulle voorvaders, gehoorsaam moet wees deur sy wil te doen en sy gebooie na te kom.

⁵Hy het die hoogtes en die wierookaltare in al die stede van Juda laat verwoes. Onder hom het die land vrede gehad.

⁶Omdat die land vrede gehad het, en Asa nie oorlog moes voer nie, het hy in dié jare vestingstede in Juda gebou. Die Here het hom rus gegee,

⁷en daarom het hy vir Juda gesê: “Laat ons dié stede versterk met mure en torings, poorte en sluitbalke. Die land is nog ons s'n, want ons is gehoorsaam aan die Here ons God, en Hy het ons na alle kante toe rus gegee.” Hulle was dan ook voorspoedig met die bouwerk.

Die veldslag teen die Kussiete

⁸Asa se leër het bestaan uit drie honderd duisend weerbare man uit Juda wat met skild en spies bewapen was, en twee honderd en tagtig duisend uit Benjamin, gewapen met skild en pyl en boog, almal dapper manne.

⁹Die Kussiet Serag het Juda binnegeval met 'n leër van 'n miljoen man en met drie honderd strydwaens. Hy het deurgedring tot by Maresa,

¹⁰en daar het Asa hom tegemoet getrek. Die Kussiete was opgestel in die Sefatalaagte by Maresa.

¹¹Asa het die Here sy God aangeroep en gesê: “Here, net U kan die swakke teen 'n oormag help. Help ons, Here ons God! Ons steun op U, en in u Naam trek ons teen dié menigte op. U is ons God, Here; moenie dat 'n méns teen U seëvier nie.”

¹²Die Here het die Kussiete die onderspit laat delf teen Asa en Juda. Toe die Kussiete op die vlug slaan,

¹³het Asa en die manne by hom hulle agtervolg tot by Gerar, en daar het soveel Kussiete gesneuwel dat hulle leër nie kon herstel nie. Hulle is deur die Here en sy leër uitmekaargeslaan. Die Judeërs het 'n groot hoeveelheid buit gekry.

¹⁴Hulle het toe al die stede in die omgewing van Gerar ingeneem en geplunder, want die stede was van skrik bevange vir die Here. Daar was ook baie buit.

¹⁵Daarna het hulle die kampe van die veewagters aangeval en baie kleinvee en kamele gebuit en na Jerusalem toe saamgevat.

2 Kronieke 15

Die godsdienstige hervormings van Asa

¹Die Gees van God het oor Asarja seun van Oded gekom.

²Hy het Asa tegemoet gegaan en vir hom gesê: “Luister na my, Asa en alle manne van Juda en Benjamin: As julle by die Here is, sal Hy by julle wees; as julle na Hom vra, sal Hy Hom deur julle laat vind; maar as julle Hom verlaat, sal Hy julle verlaat.

³Israel was lank sonder die ware God, sonder 'n priester wat die wil van God bekend kon maak, en sonder die woord van God.

⁴Toe Israel hom in sy nood tot die Here sy God bekeer het en na Hom gevra het, het die Here Hom deur hulle laat vind.

⁵In daardie tyd kon niemand veilig kom of gaan nie, want daar was groot onrus in al die lande.

⁶Volk het teen volk gebots, stad teen stad, want God het onrus en nood oor hulle gebring.

⁷Maar julle moet vasstaan en nie moedeloos word nie, want julle sal die beloning vir julle optrede ontvang.”

⁸Toe Asa hoor wat die profeet, die seun van Oded, aankondig, het hy moed geskep en die afgodsbeelde uit die hele gebied van Juda en Benjamin laat verwyder, en ook uit die stede wat hy in die Efraimsberge verower het. Hy het ook die altaar van die Here wat voor die ingangsportaal van die tempel was, laat regmaak.

⁹Deur hierdie optrede het hy die hele Juda en Benjamin om hom saamgetrek, en ook talle immigrante uit Efraim en Manasse en uit Simeon, wat uit Israel na hom toe oorgeloop het toe hulle sien die Here sy God is by hom.

¹⁰In die derde maand van die vyftiende regeringsjaar van Asa het hulle almal in Jerusalem bymekaargekom

¹¹en op dié bepaalde dag vir die Here offerandes gebring uit die buit wat hulle saamgebring het: sewe honderd beeste en sewe duisend stuks kleinvee.

¹²Hulle het ook 'n verbond gesluit om aan die Here die God van hulle voorvaders gehoorsaam te wees met hulle hele hart en siel.

¹³Elkeen wat ongehoorsaam was aan die Here die God van Israel, moes doodgemaak word, klein en groot, man en vrou.

¹⁴Hulle het die eed aan die Here hardop afgelê onder begeleiding van jubelroepe, trompetgeskal en die klank van die ramshoring.

¹⁵Die hele Juda het hulle verheug oor die eed, want hulle het dit met hulle hele hart afgelê. Dit was vir hulle 'n vreugde om na die Here te vra, en Hy het Hom deur hulle laat vind en hulle rus gegee na alle kante toe.

¹⁶Koning Asa het vir Maäka, sy ouma, as koninginmoeder afgesit omdat sy 'n Asjerabeeld, 'n walglike ding, laat maak het. Asa het die ding stukkend gekap, dit fyngemaal en in die Kedrondal in die vuur gegooi.

¹⁷Die hoogtes het wel nie heeltemal uit Israel verdwyn nie, maar Asa was sy lewe lank getrou aan die Here.

¹⁸Hy het die wydingsgeskenke van sy pa, en ook sy eie, in die tempel van God gebring: silwer, goud en offergereedskap.

¹⁹Tot sy vyf en dertigste regeringsjaar was daar nie oorlog nie.

2 Kronieke 16

Asa sluit 'n verdrag met die Arameërs

(Vgl. 1 Kon. 15:17-22)

¹In die ses en dertigste regeringsjaar van Asa het koning Baesa van Israel met 'n veldtog teen Juda begin. Hy het die stad Rama in 'n vesting omskep om te verhoed dat mense heen en weer beweeg na en van koning Asa van Juda.

²Asa het toe silwer en goud uit die skatkamers van die huis van die Here en die paleis gevat en dit vir koning Ben-Hadad van die Arameërs in Damaskus gestuur met die boodskap:

³“Daar is 'n verdrag tussen u en my en daar was al een tussen ons vaders. Ek stuur vir u silwer en goud. Breek u verdrag met koning Baesa van Israel dat hy uit my land kan terugtrek.”

⁴Ben-Hadad het voldoen aan die versoek van koning Asa. Hy het sy leëraanvoerders gestuur om die stede van Israel aan te val, en hulle het Ijon, Dan, Abel-Majim en al die voorraadstede in Naftali verower.

⁵Toe Baesa dit hoor, het hy die bouwerk by Rama gestaak en die hele onderneming laat vaar.

⁶Koning Asa het die hele Juda saam gevat en hulle die klip en hout wat Baesa vir die bouwerk by Rama gebruik het, laat wegdra. Hulle het dié gebruik vir bouwerk by Geba en Mispa.

Asa word bestraf

⁷In dié tyd het die siener Ganani na koning Asa van Juda toe gekom en vir hom gesê: “Jy het gesteun op die koning van Aram, jy het nie op die Here jou God gesteun nie. Daarom het die leer van die koning van Aram jou ontglip.

⁸Die Kussiete en die Libiërs was 'n groot leërmag met 'n magtige getal strydwaens en ruiters, maar jy het gesteun op die Here, en Hy het hulle aan jou oorgegee.

⁹Die Here het sy oë oral op die aarde sodat Hy dié kan help wat met hulle hele hart op Hom vertrou. Maar nou het jy dwaas opgetree en daarom sal jy van nou af oorlog hê.”

¹⁰Asa was so kwaad vir die siener dat hy hom in die tronk laat sit het. Hy was woedend oor wat die siener gesê het. In dié tyd het Asa ook begin om sommige mense sleg te behandel.

Die dood van Asa

(Vgl. 1 Kon. 15:24)

¹¹Die verhale oor Asa, dié van vroeër sowel as dié van later, is opgeteken in die annale van die konings van Juda en Israel.

¹²In sy nege en dertigste regeringsjaar het Asa 'n uiters ernstige siekte aan sy voete opgedoen, maar selfs in dié siekte het hy nie die Here geraadpleeg nie, wel die dokters.

¹³Hy is oorlede in die een en veertigste jaar van sy regering.

¹⁴Hulle het hom begrawe in die graf wat hy vir hom in die Dawidstad laat uitkap het, en hulle het sy liggaam neergelê op die plek wat hy met balsem en allerlei speserymengsels laat bedek het. Hulle het ook ter ere van hom 'n groot vuur aangesteek.

2 Kronieke 17

¹Sy seun Josafat het hom as koning opgevolg.

Die regering van Josafat

Josafat het die land teen Israel beveilig

²deur soldate te stasioneer in al die vestingstede van Juda en deur wagposte te plaas in Juda sowel as in die stede wat Asa, sy pa, in Efraim verower het.

³Die Here was by Josafat, want hy het sy voorvader Dawid se vroeëre lewe nagevolg. Hy het nie die Baäls gedien nie,

⁴maar die God van sy vader. Hy het die gebooie van God gehoorsaam en nie gemaak soos Israel nie.

⁵Daarom het die Here Josafat se koningskap bevestig. Die hele Juda het vir Josafat geskenke gebring, en hy het ryk geword en groot aansien geniet.

⁶Hy het sy eer daarin gestel om te leef soos die Here dit wil en het die vernietiging van die hoogtes en gewyde pale in Juda voortgesit.

⁷In die derde jaar van sy regering het hy van sy beste amptenare uitgestuur om oral in die stede van Juda onderrig te gee: Obadja, Sagaria, Netanel en Miga.

⁸Daar was Leviete saam met hulle: Semaja, Netanja, Sebadja, Asael, Semiramot, Jonatan, Adonia, Tobija en Tob-Adonija. Hulle was die Leviete; en verder was die priesters Elisama en Joram by hulle.

⁹Hulle het onderrig gegee in Juda. Hulle het die wetboek van die Here saamgeneem, die rondte gedoen in al die stede van Juda, en die volk in die wet onderrig.

¹⁰Al die lande rondom Juda was van skrik bevange vir die Here; hulle het Josafat nie aangeval nie.

¹¹Selfs van die Filistyne af is daar vir Josafat geskenke en 'n groot hoeveelheid silwer gebring, en die Arabiere het vir hom kleinvee gebring, sewe duisend sewe honderd skaapramme en sewe duisend sewe honderd bokramme.

¹²So het Josafat steeds magtiger geword. Hy het forte en voorraadstede in Juda gebou

¹³en in elke stad van Juda groot bedrywigheid aan die gang gesit. In Jerusalem het hy sy beste soldate gehad.

¹⁴Hulle is familiegewys georganiseer. Uit Juda was daar die volgende bevelvoerders oor duisend: die bevelvoerder Adna met drie honderd duisend weerbare man by hom,

¹⁵naas hom die bevelvoerder Joganan met twee honderd en tagtig duisend,

¹⁶naas hom Amasja seun van Sikri, wat hom met 'n vrywillige eed aan die Here gewy het, met twee honderd duisend weerbare man.

¹⁷Uit Benjamin was daar die krygsman Eljada met twee honderd duisend man by hom, gewapen met pyl en boog en skild,

¹⁸en naas hom Josabad met honderd en tagtig duisend by hom, ten volle toegerus vir oorlog.

¹⁹Dit is die manne wat tot die koning se beskikking was, afgesien van dié wat hy in die vestingstede oral in Juda geplaas het.

2 Kronieke 18

Josafat veg saam met Agab teen die Arameërs

(Vgl. 1 Kon. 22:2-35)

¹Toe Josafat ryk geword het en groot aansien geniet het, het hy 'n huwelik tussen 'n lid van sy familie en een uit die familie van Agab gereël.

²Na 'n paar jaar het hy vir Agab in Samaria gaan besoek. Agab het ter ere van Josafat en sy gevolg 'n groot aantal skape en beeste geslag en hom ook probeer omhaal om 'n veldtog teen Ramot in Gilead te begin.

³Koning Agab van Israel het vir koning Josafat van Juda gesê: “Sal jy met my saamgaan na Ramot in Gilead toe? ” Josafat het geantwoord: “Ek en jy is een, en ons leërs is een. Ons is saam met jou in dié oorlog,

⁴maar,” het Josafat verder vir die koning van Israel gesê, “vind nou eers uit wat sê die Here.”

⁵Die koning van Israel het toe vier honderd profete bymekaargeroep en vir hulle gevra: “Moet ons teen Ramot in Gilead gaan veg? Of moet ek dit laat staan? ” Hulle antwoord was: “Gaan gerus. God gee die stad aan die koning oor.”

⁶Toe sê Josafat: “Is hier nie nóg 'n profeet van die Here dat ons hom ook kan raadpleeg nie? ”

⁷“Hier is nog een man deur wie ons die Here kan raadpleeg,” het die koning van Israel vir Josafat gesê, “maar ek haat hom, want hy voorspel vir my nooit iets goeds nie, net altyd die slegste. Dit is Miga seun van Jimla.” Josafat sê toe: “Die koning moenie so praat nie! ”

⁸Die koning van Israel roep toe 'n paleisamptenaar en sê: “Gaan haal gou vir Miga seun van Jimla.”

⁹Die koning van Israel en koning Josafat van Juda het elkeen in sy koninklike gewaad op sy troon gesit by die dorsvloer voor die poort van Samaria. Voor hulle was al die profete besig met hulle voorspellings.

¹⁰Sedekia seun van Kenaäna het vir hom 'n paar horings van yster gemaak en gesê: “So sê die Here: Met hierdie horings sal u die Arameërs stoot tot dit klaar is met hulle.”

¹¹So het al die profete voorspel. Hulle uitspraak was: “Trek op teen Ramot in Gilead. U sal wen. Die Here gee die stad aan die koning oor.”

¹²Die boodskapper wat vir Miga gaan roep het, het vir hom gesê: “Kyk, die uitspraak van die profete was eenstemmig gunstig vir die koning. Laat joune nou tog dieselfde wees. Sê iets goeds! ”

¹³Maar Miga sê: “So seker as die Here leef, wat my God vir my sê, dit sal ek sê!”

¹⁴Toe hy by die koning kom, sê dié vir hom: “Miga, moet ons teen Ramot in Gilead gaan veg? Of moet ek dit laat staan?” “Gaan gerus,” antwoord Miga, “en mag dit goed gaan, mag die stad aan u oorgegee word.”

¹⁵Maar die koning sê vir hom: “Hoeveel keer moet ek nog by jou daarop aandring dat jy vir my niks anders as die waarheid in die Naam van die Here moet sê nie!”

¹⁶Toe sê Miga: “Ek het die hele Israel verstrooi op die berge gesien soos skape wat nie 'n wagter het nie. Die Here het gesê: Hulle het nie 'n koning nie, laat hulle maar in vrede teruggaan, elkeen na sy huis toe.”

¹⁷Die koning van Israel sê toe vir Josafat: “Ek het jou mos gesê hy voorspel vir my nie iets wat goed is nie, net die slegste.”

¹⁸En Miga praat verder: “Hoor die woord van die Here! Ek het die Here op sy troon sien sit met die hele hemelse leërmag wat weerskante van Hom staan.

¹⁹En die Here het gesê: ‘Wie sal vir Agab koning van Israel so ver kry dat hy na Ramot in Gilead gaan en daar sneuwel?’ Die een het toe dit gesê en die ander dat,

²⁰totdat die gees vorentoe gekom en voor die Here gaan staan en gesê het: ‘Ek sal hom so ver kry.’ En toe die Here vir hom vra: ‘Hoe?’

²¹sê die gees: ‘Ek sal uitgaan en 'n leuengees word in die mond van al sy profete.’ Toe sê die Here: ‘Jy sal hom so ver kry. Gaan doen dit, jy sal dit regkry.’

²²So het die Here 'n leuengees in die mond van hierdie profete van u laat kom, maar Hy het in werklikheid vir u 'n ramp aangekondig.”

²³Toe kom Sedekia seun van Kenaäna nader en hy slaan vir Miga op die kakebeen en sê: “Met watter pad is die Gees van die Here van my af weg om met jou te praat?”

²⁴En Miga antwoord: “Dit sal jy sien die dag as jy in een donker kamer na die ander probeer wegkruip.”

²⁵Die koning van Israel het toe beveel: “Vat vir Miga en bring hom na Amon, die stadsbevelvoerder, en na prins Joas toe.

²⁶Sê vir hulle die koning sê hulle moet hierdie man in die tronk sit en hom 'n skraal rantsoen kos en water gee tot ek behoue terugkom.”

²⁷Maar Miga het gesê: “As u behoue terugkom, het die Here nie deur my gepraat nie.” Verder het hy gesê: “Hoor dit, alle manskappe! ”

²⁸Die koning van Israel en koning Josafat van Juda is toe na Ramot in Gilead toe.

²⁹Die koning van Israel het vir Josafat gesê: “Ek gaan my vermom voor ek in die geveg betrokke raak. Hou jy jou koninklike gewaad aan.” Die koning van Israel het hom toe vermom en so die geveg ingegaan.

³⁰Die Aramese koning het die aanvoerders van sy strydwaens opdrag gegee: “Spits die geveg toe op die koning van Israel, moenie aan die ander aandag gee nie, klein of groot.”

³¹Toe die aanvoerders van sy strydwaens vir Josafat sien, sê hulle: “Daar is die koning van Israel! ” en hulle het op hom toegesak. Josafat het om hulp geroep, en die Here het hom gehelp. God het die aanval van Josafat af weggekeer.

³²Die aanvoerders van die strydwaens het gesien dit is nie die koning van Israel nie en het die agtervolging gestaak.

³³Iemand het egter losweg 'n pyl afgeskiet, en dié het die koning van Israel getref tussen die skubbe van sy harnas en die borsplaat. Hy sê toe vir sy drywer: “Ruk die perde om en bring my uit die geveg uit. Ek is gewond.”

³⁴Die geveg was dié dag egter so hewig dat die koning van Israel tot die aand toe op sy strydwa moes bly staan in die geveg teen die Arameërs. Teen laatmiddag is hy dood.

2 Kronieke 19

¹Koning Josafat van Juda het behoue tuis gekom in Jerusalem.

²Daar het die siener Jehu seun van Ganani hom voorgestaan en vir koning Josafat gesê: “Wou u 'n goddelose help en aan 'n hater van die Here liefde betoon? Met hierdie optrede van u het u die toorn van die Here op u laat kom.

³“Tog, daar is ook goeie dinge by u te vinde: u het die gewyde pale in die land verbrand en u daarop ingestel om na die wil van God te vra.”

Josafat reël die regspraak

⁴Nadat Josafat 'n tyd in Jerusalem gebly het, het hy weer 'n keer sy mense besoek, van Berseba af tot in die Efraimsberge, en die volk laat terugkom na die Here, die God van hulle voorvaders.

⁵Van stad tot stad, in al die vestingstede van Juda, het hy regters in die land aangestel

⁶en hulle opdrag gegee: “Let goed op wat julle doen, want julle oefen die regspraak uit nie vir mense nie, maar vir die Here. Die verantwoordelikheid vir die reg rus op julle.

⁷Mag die vrees vir die Here julle bybly! Wees versigtig en doen julle plig. By die Here ons God is daar nie onreg en bevoordeling en korrupsie nie.”

⁸Ook in Jerusalem het Josafat persone aangestel vir die regspraak van die Here en vir die beslegting van gedinge tussen inwoners van die stad. Die regters is aangestel uit die Leviete en die priesters en die familiehoofde van Israel.

⁹Hy het hulle beveel: “Julle moet julle opdrag uitvoer in eerbied vir die Here, in trou en in volkome onpartydigheid.

¹⁰In elke saak wat aan julle voorgelê word deur julle volksgenote wat oral in julle stede woon, of dit nou gaan om doodslag of om 'n oortreding van die wet, die gebod, die voorskrifte en die bepalings, moet julle julle volksgenote behoorlik waarsku dat hulle hulle nie skuldig maak aan 'n misdaad teen die Here en daardeur die toorn van die Here oor julle en oor hulle laat kom nie. As julle dit so doen, sal julle julle nie skuldig maak aan 'n misdaad teen die Here nie.

¹¹Die hoëpriester Amarja is die hoogste gesag oor julle vir alle sake van die Here, en Sebadja seun van Ismael en hoof van die stam Juda vir alle sake van die koning. Die Levitiese regsbeamptes is tot julle beskikking. Staan sterk en doen julle plig. Die Here is aan die kant van die goeie.”

2 Kronieke 20

Die Here slaan die aanval uit die ooste af

¹Later het die Moabiete en die Ammoniete, en saam met hulle 'n groep Meüniete, 'n veldtog teen Josafat begin.

²Josafat het berig gekry: “'n Groot menigte van oorkant die Dooie See, van Edom af, het teen u opgetrek. Hulle is al by Gaseson-Tamar, dit is En-Gedi.”

³Josafat was bang en het by die Here hulp gesoek. Hy het 'n vasdag in die hele Juda uitgeroep,

⁴en die Judeërs het bymeekaargekom om die hulp van die Here te vra. Uit al die stede van Juda het hulle gekom om die Here se hulp te vra.

⁵Josafat het opgestaan in die gemeente van Juda en Jerusalem, in die tempel reg voor die nuwe voorhof,

⁶en gebid: “Here, God van ons voorvaders, U is God. U heers uit die hemel oor al die koninkryke van die nasies. Uit u hand kom die mag en die krag. Niemand kan teen U stand hou nie.

⁷Dit is U, ons God, wat die vroeëre inwoners van hierdie land voor u volk Israel uit verdryf het en die land aan die nageslag van u vriend Abraham as 'n blywende besitting gegee het.

⁸Hulle het hulle hier gevestig en hier vir u Naam 'n heiligdom gebou en gesê:

⁹‘As U 'n ramp oor ons bring, of 'n oorlog om ons te straf, of pes, of hongersnood, sal ons voor hierdie tempel kom staan, voor U, want u Naam is in hierdie tempel, en ons sal na U om hulp roep uit ons nood. Hoor dan en help ons!’

¹⁰“Nou het die mense van Ammon en Moab en die Seirberge gekom. U het Israel met sy trek uit Egipte nie toegelaat om in hulle gebied te kom nie. Die Israëliete het daardie mense vermy en hulle nie uitgeroei nie.

¹¹Maar nou vergoed hulle ons deur te kom en ons uit u besitting te wil verdryf wat U aan ons gegee het.

¹²Ons God, sal U hulle nie straf nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, te weerstaan nie. Ons weet nie wat om te doen nie. Ons oë is op U gerig.”

¹³Die hele Juda en hulle afhanklikes, vrouens en kinders, het daar voor die Here gestaan.

¹⁴Toe kom die Gees van die Here daar in die gemeente oor die Leviet Jagasiël seun van Sagaria, seun van Benaja, seun van Jeïel, seun van Mattanja, uit die nageslag van Asaf,

¹⁵en sê: “Luister, mense van Juda, inwoners van Jerusalem en koning Josafat! So sê die Here vir julle: Moenie vrees nie, moenie bang wees vir hierdie groot menigte nie, want hierdie oorlog is nie 'n saak vir julle nie, maar vir God.

¹⁶Trek hulle môre tegemoet wanneer hulle in die Bloeiselpas opkom. Julle sal hulle aantref by die punt van die vallei wat in die Jeruelwoestyn uitloop.

¹⁷Julle hoef nie te veg nie, neem net posisie in en staan en kyk na die oorwinning van die Here vir julle. Moenie vrees nie, Juda en Jerusalem, moenie bang wees nie. Trek hulle môre tegemoet. Die Here sal by julle wees.”

¹⁸Toe kniel Josafat, en al die mense van Juda en Jerusalem het voor die Here gebuig en Hom eer betoon.

¹⁹Daarna het die Leviëte van die Kehat- en die Koraggroepe opgestaan en die Here die God van Israel uit volle bors geprys.

²⁰Josafat-hulle is die volgende môre vroeg uit na die Tekoawoestyn toe. Terwyl die manne vertrek, het Josafat daar gestaan en hulle toegesprek: “Luister na my, Juda en inwoners van Jerusalem! Stel julle vertrou in die Here julle God,

en julle sal vas staan. Stel julle vertrou in sy profete, en dit sal goed gaan met julle.”

²¹Josafat het met die volk oorleg gepleeg en toe sangers laat plek neem voor die gewapende manne. Hulle het vooruit geloop in hulle gewyde klere en die Here geloof met die woorde: “Loof die Here, aan sy liefde is daar geen einde nie.”

²²Juis toe, toe die sangers met die lofprijsing en gebed begin, het die Here onverwagte aanvalle bewerk op die Ammoniete, die Moabiete en die mense van die Seirberge wat teen Juda opgetrek het, en hulle het die een neerlaag na die ander gely.

²³Toe val die Ammoniete en die Moabiete die inwoners van die Seirberge aan en spaar niemand nie en roei hulle uit. En toe hulle klaar was met die inwoners van Seir, het hulle mekaar begin uitdelg.

²⁴Toe die Judeërs by die uitkykpos teenaan die woestyn kom en na die magtige vyand soek, lê daar net lyke op die grond. Daar was nie een oorlewende nie.

²⁵Josafat en sy manskappe het die buit bymekaar kom maak en 'n groot hoeveelheid gekry: persoonlike besittings aan die lyke en allerlei kosbare goed. Hulle het soveel gekry dat hulle dit nie kon dra nie. Drie dae lank was hulle besig om die buit bymekaar te maak, soveel was dit.

²⁶Op die vierde dag het hulle 'n samekoms gehou in die Lofdal. Hulle het die Here daar geloof, daarom noem hulle dié plek tot vandag toe die Lofdal.

²⁷Al die manne van Juda en Jerusalem, met Josafat aan die hoof, is toe met groot blydschap terug Jerusalem toe. Die Here het hulle bly gemaak oor hulle vyande.

²⁸Hulle is terug na Jerusalem, na die huis van die Here toe, met harpe, liere en trompette.

²⁹Al die koninkryke was van skrik bevange vir God toe hulle hoor dat die Here oorlog gevoer het teen die vyande van Israel.

³⁰Die heerskappy van Josafat het rustig voortgegaan, en sy God het hom na alle kante toe rus gegee.

Die dood van Josafat

³¹Josafat het oor Juda geregeer. Hy was vyf en dertig toe hy koning geword het en het vyf en twintig jaar lank in Jerusalem geregeer. Sy ma was Asuba 'n dogter van Silgi.

³²Hy het die pad van Asa, sy pa, geloop en daar nie van afgewyk nie. Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here.

³³Die hoogtes het egter nie verdwyn nie, en die volk het hulle hart nog nie voluit op die God van hulle voorvaders gerig nie.

³⁴Die ander verhale oor Josafat, dié van vroeër en dié van later, is opgeteken in Die Verhale van Jehu Seun van Ganani, wat opgeneem is in die annale van die konings van Israel.

³⁵Later het koning Josafat van Juda 'n vennootskap aangegaan met koning Ahasia van Israel, 'n goddelose man.

³⁶Josafat het die vennootskap met hom aangegaan om skepe te bou wat na Tarsis toe kon vaar. Hulle het die skepe gebou in Esjon-Geber.

³⁷Eliëser seun van Dodawa, uit Maresa, het 'n profesie teen Josafat uitgespreek en gesê: “Omdat jy 'n vennootskap met Ahasia aangegaan het, sal die Here hierdie onderneming van jou laat misluk.” Die skepe het vergaan en het Tarsis nie bereik nie.

2 Kronieke 21

¹Josafat is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Joram het hom as koning opgevolg.

Joram

²Joram het 'n hele paar broers gehad: Asarja, Jegiël, Sagaria, Asarja, Migael en Sefatja. Hulle was almal seuns van koning Josafat van Juda.

³Hulle pa het vir hulle groot geskenke gegee, silwer, goud en ander kosbaarhede en ook vestingstede in Juda, maar die koningskap het hy aan Joram gegee, want dié was die oudste.

⁴Nadat Joram die koningskap van sy pa oorgeneem het en seker van sy saak was, het hy al sy broers en ook van die Israelitiese leiers laat vermoor.

⁵Hy was twee en dertig toe hy koning geword het en het ag jaar lank in Jerusalem geregeer.

⁶Hy het die pad van die konings van Israel geloop soos die koningshuis van Agab gedoen het, want hy was getroud met 'n dogter van Agab. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

⁷Die Here wou egter nie die koningshuis van Dawid uitroei nie, want Hy het met Dawid 'n verbond gesluit en het belowe om vir Dawid en sy nageslag die troon vir altyd te verseker.

⁸In die tyd van Joram het die Edomiete teen Juda gerebelleer en 'n eie koning oor hulle aangestel.

⁹Joram het met sy offisiere en sy hele strydswamag uitgetrek en het in die nag 'n aanval gemaak op die Edomiete wat hom en sy strydwaoffisiere omsingel het.

¹⁰Die Edomiete het egter tog onafhanklik geword, en is dit vandag nog. In dié tyd het ook Libna teen die gesag van Joram in opstand gekom. Dit was omdat Joram nie die Here die God van sy voorvaders gedien het nie.

¹¹Bowendien het Joram hoogtes ingerig in die berge van Juda, die inwoners van Jerusalem tot ontrou verlei en Juda 'n verkeerde pad laat loop.

¹²Daar het vir hom 'n brief van die profeet Elia af gekom wat soos volg gelui het: “So sê die Here die God van jou voorvader Dawid: Omdat jy nie die pad van jou vader Josafat en van koning Asa van Juda loop nie,

¹³maar dié van die konings van Israel, en jy Juda en die inwoners van Jerusalem net so ontrou laat word het as die familie van Agab, en jy jou familie, jou eie broers, beter mense as jy, laat vermoor het,

¹⁴daarom sal die Here 'n groot ramp bring oor jou volk, jou kinders, jou vrouens en al wat jy besit.

¹⁵Jy self sal 'n ernstige siekte opdoen, 'n slepende siekte aan jou ingewande, so erg dat jou ingewande sal uitkom.”

¹⁶Die Here het toe die Filistyne en die Arabiere wat bure van die Kussiete was, vyande van Joram laat word.

¹⁷Hulle het 'n inval in Juda gemaak en al die koninklike besittings in die paleis geroof, en ook sy seuns en sy vrouens. Al seun wat hulle vir hom laat oorbly het, was Joahas, sy jongste.

¹⁸Daarna het die Here vir Joram getref met 'n ongeneeslike siekte in sy ingewande.

¹⁹Mettertyd, na omtrent twee jaar, het sy ingewande uitgekom as gevolg van die siekte, en hy het 'n pynlike dood gesterf. Sy volk het nie met sy dood vure aangesteek soos hulle dit vir sy voorvaders gedoen het nie.

²⁰Joram was twee en dertig toe hy koning geword het en hy het ag jaar lank in Jerusalem geregeer. Sy heengaan is nie betreur nie. Hy is in die Dawidstad begrawe, maar nie in 'n koningsgraf nie.

2 Kronieke 22

Ahasia

¹Die inwoners van Jerusalem het vir Ahasia, die jongste seun van Joram, koning gemaak in sy pa se plek. Die ouer seuns is dood toe die bende Arabiere die inval gemaak het. So het Ahasia seun van koning Joram van Juda aan die bewind gekom.

²Hy was twee en veertig toe hy koning geword het en was 'n jaar lank koning in Jerusalem. Sy ma was Atalia, 'n dogter van Omri.

³Ook hy het die pad van die koningshuis van Agab geloop; sy ma was die een wat hom die raad gegee het om so verkeerd op te tree.

⁴Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, net soos die koningshuis van Agab, want na sy pa se dood was hulle sy raadgewers, en dit het sy ondergang beteken.

⁵Dit was ook op hulle advies dat hy saam met Joram seun van koning Agab van Israel betrokke geraak het in 'n oorlog teen koning Gasaël van die Arameërs in Ramot in Gilead. Joram is deur die Arameërs gewond

⁶en is terug na Jisreël toe om te genees van die wonde wat hy in Ramot opgedoen het toe hy teen die Aramese koning Gasaël geveg het. Koning Asarja van Juda, seun van Joram, het vir Joram seun van Agab in Jisreël gaan besoek, want Joram was siek.

⁷Ahasia se ondergang met sy besoek aan Joram is deur God beskik. Na sy aankoms het hy saam met Joram opgetrek teen Jehu seun van Nimsi. Die Here het vir Jehu aangewys om die koningshuis van Agab uit te roei,

⁸en Jehu was toe juis besig om die straf van God oor die koningshuis van Agab te voltrek. Hy het die amptenare van Juda en die seuns van Ahasia se broers wat in Ahasia se gevolg was, raakgeloop en hulle doodgemaak.

⁹Daarna het hy na Ahasia gesoek. Ahasia is gevang waar hy in Samaria probeer wegkruip het, en na Jehu toe gebring, waar hy ook doodgemaak is. Ahasia is behoorlik begrawe, want die mense het gesê: “Hy is die kleinseun van Josafat, en Josafat het die Here met sy hele hart gedien.” In dié stadium was daar niemand uit die koningshuis van Ahasia wat die regering kon oorneem nie.

Joas word koning

(Vgl. 2 Kon. 11:1 -- 12:3)

¹⁰Toe Ahasia se ma, Atalia, hoor haar seun is dood, het sy al die aanspraakmakers op die troon van Juda uit die weg geruim.

¹¹Een van die prinsesse, Jehoseba, het egter vir Joas, 'n seun van Ahasia, gegryp en hom stilletjies weggevat tussen die prinse wat doodgemaak sou word. Sy het hom en sy oppasster na 'n slaapkamer toe geneem en hom daar weggesteek

sodat Atalia hom nie kon kry om hom te laat doodmaak nie. Jehoseba was 'n dogter van koning Joram en 'n suster van Ahasia. Sy was getroud met die priester Jojada.

¹²Joas is ses jaar by hulle in die tempel versteek, en in dié tyd het Atalia die land geregeer.

2 Kronieke 23

¹In die sewende jaar het Jojada besluit om op te tree. Hy het 'n paar bevelhebbers oor honderd in sy vertrouë geneem: Asarja seun van Jerogam, Ismael seun van Joganan, Asarja seun van Obed, Maäseja seun van Adaja, en Elisafat seun van Sikri.

²Hulle het in Juda rondgegaan en die Leviete uit al die stede van Juda bymekaargemaak, en ook die familiehoofde van Israel. Almal is na Jerusalem toe,

³en daar het die hele gemeente in die tempel 'n verbond met koning Joas gesluit. Jojada het vir hulle gesê: “Die seun van koning Ahasia moet koning word volgens die belofte van die Here oor die nageslag van Dawid.

⁴Dit is julle opdragte: 'n derde van julle, van dié wat op die sabbat diens doen as priesters en Leviete, moet drumpelwagte wees;

⁵'n derde moet by die paleis wees, en die ander derde by die Fondamentpoort. Al die ander mense moet in die voorhof van die huis van die Here wees.

⁶Niemand mag in die huis van die Here ingaan nie behalwe die priesters en die Leviete wat daar diens doen. Hulle kan ingaan, want hulle is daartoe gewy. Al die ander mense moet hulle aan die bepalings van die Here hou.

⁷Die Leviete moet om die koning wees, elkeen met sy wapen in sy hand. Enigiemand anders wat in die tempel wil ingaan, moet doodgemaak word. Bly by die koning, oral waar hy gaan.”

⁸Die Leviete en die hele Juda het alles gedoen wat die priester Jojada beveel het. Elkeen het sy manne geneem, dié wat op die sabbat diens moes doen sowel

as dié wat klaar was met hulle diens, want die priester Jojada het nie die priesterafdelings laat verdaag nie.

⁹Daarna het Jojada die spiese en die groot skilde en die klein ronde skilde wat nog aan koning Dawid behoort het en in die tempel van God was, aan die bevelhebbers oor honderd uitgedeel.

¹⁰Hy het al die manne, elkeen met sy spies in die hand, om die koning laat staan, naby die altaar en die tempel, van die suidekant tot by die noordekant van die tempel.

¹¹Toe bring hulle die seun van die koning vorentoe en kroon hom en oorhandig aan hom die koninklike volmag. So het hulle hom koning gemaak. Jojada en sy seuns het hom gesalf en geroep: “Lank lewe die koning! ”

¹²Atalia het gehoor hoe die mense hardloop en die koning huldig, en het ook na die huis van die Here toe gegaan waar hulle was.

¹³Daar sien sy toe die koning staan op sy plek by die ingang, en die volksleiers en die trompetblasers by hom, en al die burgers van die land wat juig en trompette blaas, en die sangers met hulle musiekinstrumente wat die jubelsang lei. Toe skeur Atalia haar klere en skreeu: “Verraad! Verraad! ”

¹⁴Die priester Jojada stuur toe die bevelhebbers oor honderd wat in beheer van die manskappe was, en sê vir hulle: “Bring haar uit die tempel uit! Elkeen wat agter haar aan gaan, moet doodgemaak word. Sy mag nie in die huis van die Here sterf nie.”

¹⁵Hulle het haar gegryp en haar na die Perdepoort by die paleis gevat en haar daar doodgemaak.

¹⁶Jojada het met die volk en die koning 'n verbond gemaak dat hulle 'n volk sal wees wat die Here dien.

¹⁷Daarna het die hele volk na die Baälstempel toe gegaan en dit verwoes. Hulle het die altare en die beelde stukkend geslaan en vir Mattan, die Baälpriester, by die altare doodgeslaan.

¹⁸Jojada het die toesig oor die huis van die Here weer toevertrou aan die priesters en die Leviete wat deur Dawid daarvoor aangewys is. Hulle moes die brandoffers vir die Here bring soos dit voorgeskryf is in die wet van Moses, met gejuig en met sang soos Dawid dit gereël het.

¹⁹Hy het ook wagte by die poorte van die huis van die Here geplaas sodat niemand kon inkom wat op die een of ander wyse onrein was nie.

²⁰Daarna het Jojada die bevelhebbers oor honderd, die hooggeplaastes, die hoë regeringsamptenare en al die burgers van die land met hom saamgeneem en die koning uit die huis van die Here gebring. Hulle het deur die Boonste Poort na die paleis toe gegaan, en daar het hulle die koning sy plek op die troon laat inneem.

²¹Al die burgers van die land was bly. Die stad was rustig. Atalia was dood.

2 Kronieke 24

Joas laat die tempel herstel

(Vgl. 2 Kon. 12:1-16)

¹Joas was sewe toe hy koning geword het en hy het veertig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Sibja, uit Berseba.

²Solank die priester Jojada geleef het, het Joas gedoen wat reg is in die oë van die Here.

³Jojada het vir Joas twee vrouens gekies, en Joas het seuns en dogters gehad.

⁴Joas het besluit om herstelwerk aan die huis van die Here te doen.

⁵Hy het die priesters en die Leviete bymekaar laat kom en vir hulle gesê: “Gaan die stede van Juda deur en samel by al die Israeliete geld in om die huis van julle God te herstel soos dit van jaar tot jaar nodig mag wees. Doen dit dadelik.” Die Leviete het die opdrag egter nie dadelik uitgevoer nie,

⁶en die koning het die hoëpriester Jojada laat roep en vir hom gevra: “Waarom het jy nie toegesien dat die Leviete die bydraes uit Juda en Jerusalem inbring nie? Dit is tog die bydraes wat Moses, die dienaar van die Here, van die gemeente van Israel gevra het vir die tent met die getuienis!”

⁷Dit was die goddelose Atalia en haar volgeling wat die tempel in verval laat raak het. Hulle het selfs die wydingsgeskenke van die huis van die Here vir die Baäls gebruik.

⁸In opdrag van die koning is daar toe 'n kis gemaak en voor die tempelpoort gesit,

⁹en in Juda en in Jerusalem is aangekondig dat die bydraes wat Moses, die dienaar van die Here, in die woestyn al van Israel gevra het, vir die Here gebring moes word.

¹⁰Al die leiers en die hele volk het die geld met blymoedigheid gebring en in die kis gegooi. So het al die bydraes ingekom.

¹¹Telkens wanneer die kis na die Leviete toe gebring is vir kontrole namens die koning, en hulle vasgestel het dat daar baie geld in is, het die sekretaris van die koning en 'n beampte van die hoëpriester gekom en die kis leeggemaak. Dit is dan weer op sy plek terug gesit. So het hulle elke keer gedoen, en daar is baie geld ingesamel.

¹²Die koning en Jojada het die geld oorhandig aan die mense wat vir die instandhouding van die huis van die Here moes sorg, en dié het klipkappers en ander vakmanne in diens geneem om die huis van die Here te herstel, en ook vakmanne in yster en brons vir die opknapwerk.

¹³Die werkers het gewerk en die herstelwerk het vinnig gevorder. Hulle het die tempel herbou sodat dit weer was soos vroeër; hulle het dit weer sterk gemaak.

¹⁴Nadat die werk afgehandel is, is die geld wat oorgebly het, aan die koning en Jojada oorhandig, wat daarmee tempelgereedskap laat maak het: gereedskap vir die tempeldiens en die offers, panne, en ook goue en silwergereedskap. Solank Jojada geleef het, is daar voortdurend brandoffers by die tempel gebring.

¹⁵Jojada het 'n hoë ouderdom bereik. Hy is dood toe hy honderd en dertig jaar was.

¹⁶Hy is in die Dawidstad begrawe, by die konings, omdat hy goeie werk gedoen het vir Israel, vir God en sy tempel.

Joas se sonde en dood

(Vgl. 2 Kon. 12:19-21)

¹⁷Na die dood van Jojada het die leiers van Juda die koning kom ophemel, en hy het hom dit laat geval.

¹⁸Toe het hulle die huis van die Here die God van hulle voorvaders verlaat en gewyde pale en afgodsbeelde gaan dien. Met dié sondige optrede van hulle het Juda en Jerusalem die toorn van die Here op hulle gehaal.

¹⁹Die Here het profete na hulle toe gestuur om hulle na Hom toe terug te bring, en die profete het hulle gewaarsku, maar hulle het nie geluister nie.

²⁰Die Gees van God het vir Sagaria seun van die priester Jojada in besit geneem. Sagaria het voor die volk gaan staan en vir hulle gesê: “So sê God: Waarom oortree julle die gebooie van die Here? Dit sal nie met julle goed gaan nie. Omdat julle die Here verlaat het, sal Hy julle verlaat.”

²¹Maar hulle het 'n vals aanklag teen Sagaria bedink en hom op bevel van die koning met klippe doodgegooi in die voorhof van die huis van die Here.

²²Koning Joas het nie gedink aan die liefde wat sy pleegvader Jojada aan hom bewys het nie. Hy het Jojada se seun vermoor. Sagaria het, toe hy sterf, gesê: “Die Here sien dit, Hy sal julle straf! ”

²³Met die wisseling van die jaar het die leer van die Arameërs 'n aanval op Joas gemaak. Hulle het Juda en Jerusalem binnegedring, al die leiers van die volk doodgemaak en die buit wat hulle gemaak het, vir die koning van Damaskus gestuur.

²⁴Die Aramese leer het met 'n klein klompie manskappe gekom, en die Here het 'n baie groot leer in hulle mag oorgegee. Dit was omdat die volk die Here die God van hulle voorvaders verlaat het. Die Arameërs het die straf van God oor Joas voltrek.

²⁵Toe hulle weggaan, het hulle hom swaar gewond agtergelaat, en sy eie amptenare het teen hom saamgesweer en hom in sy bed vermoor. Dit was omdat hy die seun van die priester Jojada laat doodmaak het. So is Joas dood. Hy is in die Dawidstad begrawe, maar nie in 'n koningsgraf nie.

²⁶Die manne wat teen hom saamgesweer het, was die Ammoniet Sabad seun van Simat en die Moabiet Josabad seun van Somer.

²⁷Die gegewens oor sy seuns, oor die grootte van die afkoopsom wat hy moes betaal, en oor die herbou van die tempel, is opgeneem in Die Kommentaar op die Boek van die Konings. Sy seun Amasia het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 25

Amasia wreek die dood van sy pa

(Vgl. 2 Kon. 14:1-6)

¹Amasia het koning geword toe hy vyf en twintig was en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jehoaddan, uit Jerusalem.

²Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here, maar nie met sy hele hart nie.

³Nadat hy goed gevestig was in sy koningskap, het hy die amptenare deur wie sy pa, die koning, vermoor is, laat doodmaak.

⁴Hy het nie hulle kinders ook laat doodmaak nie, want, soos op bevel van die Here geskrywe staan in die wet, in die boek van Moses: “Vaders mag nie oor die optrede van kinders en kinders nie oor die optrede van vaders doodgemaak word nie. Elkeen kan net vir sy eie sonde die doodstraf kry.”

Amasia verslaan die Edomiete en dien hulle gode

(Vgl. 2 Kon. 14:7)

⁵Amasia het die manskappe van Juda bymekaar laat kom en hulle familiegewys ingedeel onder bevelhebbers oor duisend en oor honderd — die hele Juda, en ook Benjamin. Hy het dié van twintig jaar en ouer laat tel, en daar is gevind dat hulle drie honderd duisend was, geskik vir militêre diens en gewapen met spies en skild.

⁶Vir sowat drie en 'n halwe ton silwer het hy uit Israel nog honderd duisend soldate gehuur.

⁷Toe kom daar 'n man van God na hom toe en sê: “Moenie die leer van Israel met u laat saamgaan nie, want die Here is nie by Israel, by die Efraimiete, nie.

⁸As u dit tog doen, doen dit dan, maar dan sal u krag nodig hê vir die stryd, want God sal u dan voor die vyand laat swig. God het die mag om te help of om te laat swig.”

⁹Maar Amasia vra vir die man van God: “En wat dan van die drie en 'n halwe ton silwer wat ek vir die Israelitiese leërafdeling betaal het? ” En die man van God antwoord: “Die Here kan u meer as dit gee.”

¹⁰Amasia het toe die leërafdeling wat uit Efraim by hom aangesluit het, ontslaan en huis toe laat gaan. Hulle was bitter kwaad vir Juda en is woedend terug huis toe.

¹¹Daarna het Amasia die nodige moed bymekaargeskraap en sy manne na die Soutvlakte toe gelei waar hy tien duisend Edomiete verslaan het.

¹²Bowendien het die manne van Juda nog tien duisend lewendig gevange geneem, hulle bo op 'n krans gebring en hulle daar afgegooi. Almal het hulle te pletter geval.

¹³Intussen het die lede van die leërafdeling wat deur Amasia teruggestuur is sodat hulle nie saam met hom op die veldtog kon gaan nie, 'n strooptog teen die stede van Juda gemaak, van Samaria af tot by Bet-Goron. Hulle het drie duisend mense doodgemaak en baie buit weggedra.

¹⁴Toe Amasia van sy oorwinning oor die Edomiete af terugkom, het hy hulle afgodsbeelde saamgebring en die beelde vir homself opgestel as gode. Hy het hulle vereer en vir hulle offerandes gebring.

¹⁵Hieroor het die toorn van die Here teen Amasia ontvlam. Die Here het 'n profeet na hom toe gestuur en vir hom gesê: “Waarom dien jy gode wat nie hulle eie volk uit jou hande kon red nie? ”

¹⁶Maar Amasia het die profeet in die rede geval: “Is jy aangestel as raadgewer van die koning? Bly stil. Soek jy jou dood? ” Die profeet het dit toe daargelaat en gesê: “Ek weet nou dat God besluit het om u te vernietig. U maak daarna en u wil nie na my raad luister nie.”

Die neerlaag teen Israel

(Vgl. 2 Kon. 14:8-14)

¹⁷Koning Amasia van Juda het op advies van sy raadgewers 'n boodskap gestuur na koning Joas van Israel, seun van Joahas: “Kom ons veg teen mekaar.”

¹⁸Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda terug laat weet: “Die doringbos op die Libanon laat weet vir die seder op die Libanon: ‘Laat jou dogter met my seun trou,’ en toe kom die wilde diere van die Libanon verby en trap die doringbos plat.

¹⁹Jy dink nou dat jy vir Edom verslaan het, kan jy meer roem soek. Bly liever by die huis. Waarom wil jy jou in die ongeluk stort en tot 'n val kom, jy en Juda saam met jou? ”

²⁰Amasia het hom nie laat waarsku nie, want God het dit so bewerk om hom in Joas se mag oor te gee. Dit was omdat Amasia-hulle die gode van Edom gedien het.

²¹Koning Joas van Israel het toe opgetrek en hy en koning Amasia van Juda het slaags geraak in Bet-Semes in Juda.

²²Juda het 'n neerlaag gely teen Israel, en die manskappe het op die vlug geslaan, elkeen na sy huis toe.

²³Koning Joas van Israel het vir koning Amasia van Juda, seun van Joas seun van Joahas, gevange geneem in Bet-Semes en hom na Jerusalem toe gebring. Daar het Joas 'n stuk muur van Jerusalem laat afbreek, van die Efraimspoort af tot by die Hoekpoort, honderd en tagtig meter.

²⁴Hy het al die goud en silwer gevat, al die tempelgereedskap wat destyds in die tempel by Obed-Edom was, die koninklike skat, en ook nog gyselaars, en toe is hy terug Samaria toe.

Die dood van Amasia

(Vgl. 2 Kon. 14:17-20)

²⁵Amasia seun van koning Joas van Juda het ná die dood van koning Joas van Israel, seun van Joahas, nog vyftien jaar geleef.

²⁶Die ander verhale oor Amasia, dié van vroeër sowel as dié van later, is opgeteken in die annale van die konings van Juda en Israel.

²⁷Van die tyd dat Amasia van die Here af weggedraai het, was daar in Jerusalem sameswerings teen hom. Hy het na Lakis toe gevlug, maar hulle het mense agter hom aan gestuur daarheen en hulle het hom daar doodgemaak.

²⁸Hulle het sy lyk met perde teruggebring, en hom in sy familiegraf in die hoofstad van Juda begrawe.

2 Kronieke 26

Ussia se voorspoedige regering

(Vgl. 2 Kon. 15:1-4)

¹Die bevolking van Juda het vir Ussia gevat en hom in Amasia, sy pa, se plek koning gemaak. Hy was toe sestien jaar oud

²en het Elat herbou en onder die gesag van Juda teruggebring nadat die koning van daardie gebied dood is.

³Ussia was sestien toe hy koning geword het en hy het twee en vyftig jaar lank in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jekolja, uit Jerusalem.

⁴Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here en in alles die voorbeeld van sy pa gevolg.

⁵Hy het na die wil van God gevra gedurende die hele lewe van Sagaria, wat insig in die openbaring van God gehad het. In die tyd dat Ussia na die wil van die Here gevra het, het God dit goed laat gaan met hom.

⁶Hy het 'n veldtog onderneem teen die Filistyne, en hy het die mure om Gat, Jabne en Asdod afgebreek en stede gebou in die omgewing van Asdod en in die res van die Filistynse gebied.

⁷God het hom gehelp teen die Filistyne, teen die Arabiere wat in Gur-Baäl gewoon het, en teen die Meüniete.

⁸Die Ammoniete het vir Ussia geskenke gebring, en sy naam het tot by Egipte bekend geword, so het sy mag toegeneem.

⁹Ussia het in Jerusalem stewige forte gebou by die Hoekpoort, by die Dalpoort en by die draai in die muur.

¹⁰Ook in die weiveld het hy forte gebou en baie putte laat grawe, want hy het baie vee gehad, in die Laeveld en op Platorand. In die berge en op die Karmel het hy mense gehad wat sy lande en sy wingerde bewerk het. Hy was lief vir die grond.

¹¹Ussia het 'n leër gehad wat in afdelings uitgetrek het. Die telling en indeling is gedoen deur die sekretaris Jeïel en die amptenaar Maäseja, onder toesig van Gananja, 'n beampte van die koning.

¹²Daar was altesaam twee duisend ses honderd familiehoofde in bevel van die soldate.

¹³Die leër onder hulle bevel was drie honderd en sewe duisend vyf honderd, kragtige vegters op wie die koning kon reken teen 'n vyand.

¹⁴Ussia het hulle, die hele leër, uitgerus met skilde, spiese, helms, harnasse, pyle en boë, en klippe vir hulle slingervelle.

¹⁵In Jerusalem het hy uitvindsele gehad wat deur slim mense ontwerp is en wat bo van die forte en van die hoeke af pyle en groot klippe kon afskiet. Sy roem het wyd gestrek. Hy het op 'n wonderbare wyse hulp ontvang en hy het 'n magtige man geword.

Ussia word melaats

(Vgl. 2 Kon. 15:5)

¹⁶Maar toe hy eenmaal die mag het, het Ussia ingenome geword met homself, en dit was die begin van sy einde. Hy het aanmatigend teenoor die Here sy God opgetree: hy het in die tempel van die Here ingegaan om wierookoffers op die wierookaltaar te bring.

¹⁷Die priester Asarja, met tagtig priestersoldate by hom, het agter koning Ussia aan gegaan

¹⁸en hom probeer keer en vir hom gesê: “Dit kom u nie toe om vir die Here wierookoffers te bring nie, Ussia! Om wierookoffers te bring, is die voorreg van die priesters, die nageslag van Aäron. Hulle is daartoe gewy. Gaan liever uit die heiligdom uit. U matig u dinge aan, en u sal daarvoor geen waardering kry van God die Here nie.”

¹⁹Ussia het al die wierookpan in sy hand gehad om die offer te bring, en hy het briesend geword. Maar terwyl hy teen die priesters uitvaar, breek daar melaatsheid op sy voorkop uit voor die oë van die priesters daar in die huis van die Here, by die wierookaltaar.

²⁰Toe die hoëpriester Asarja en al die ander priesters na hom kyk, is hy melaats op sy voorkop. Hulle het hom daar uitgedrywe, en hy was self haastig om weg te kom; die Here het hom met dié ramp getref.

²¹Koning Ussia was melaats tot die dag van sy dood. Hy het in 'n plek van afsondering gaan woon, melaats en verban uit die huis van die Here. Sy seun Jotam het die paleis bestuur en oor die mense van die land geregeer.

Die dood van Ussia

(Vgl. 2 Kon. 15:6,7)

²²Die ander verhale oor Ussia, dié van vroeër en dié van later, is neergeskryf deur die profeet Jesaja seun van Amos.

²³Ussia is oorlede, en hy is begrawe in die begraafplaas van die konings, maar nie in die familiegraf nie, want die mense het gesê: “Hy was melaats.” Sy seun Jotam het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 27

Jotam

(Vgl. 2 Kon. 15:32-38)

¹Jotam was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het sestien jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Jerusa, 'n dogter van Sadok.

²Jotam het gedoen wat reg is in die oë van die Here en in alles die voorbeeld van Ussia, sy pa, gevolg, met dié verskil dat hy nie in die tempel van die Here oortree het nie. Die volk het egter met hulle afgodsdienste voortgegaan.

³Jotam het die boonste poort van die tempel laat bou en baie bouwerk gedoen aan die Ofelmuur.

⁴In die Judaberge het hy stede laat bou, en in die bosse skanse en forte.

⁵Hy het in 'n oorlog teen die koning van die Ammoniete die oorwinning behaal, en die Ammoniete moes daardie jaar aan hom byna drie en 'n halwe ton silwer, sestien honderd en vyftig ton koring en dertien honderd en twintig ton gars betaal. Hulle moes dieselfde hoeveelhede die volgende en die daaropvolgende jaar betaal.

⁶Jotam het magtig geword, want hy het sy pad reg gehou voor die Here sy God.

⁷Die ander verhale oor Jotam, al sy oorloë en sy lewensloop, is opgeteken in die annale van die konings van Israel en Juda.

⁸Hy was vyf en twintig toe hy koning geword het en hy het sestien jaar in Jerusalem geregeer.

⁹Jotam is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf in die Dawidstad. Sy seun Agas het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 28

Agas

(Vgl. 2 Kon. 16:1-8,19,20)

¹Agas was twintig toe hy koning geword het, en hy het sestien jaar in Jerusalem geregeer. Hy het nie gedoen wat reg is in die oë van die Here soos sy voorvader Dawid nie.

²Hy het die pad geloop van die konings van Israel en hy het selfs beelde van die Baäls laat giet.

³Hy het in die Ben-Hinnomdal offerandes gebring en van sy kinders daar verbrand volgens die afskuwelike gebruik van die heidennasies wat deur die Here voor die Israeliete uit verdryf is.

⁴Hy het diereoffers en wierookoffers gebring op die hoogtes en op die rante en onder elke groot boom.

⁵Daarom het die Here sy God hom oorgegee in die mag van die koning van Aram. Dié het hom verslaan en 'n groot klomp van sy mense krygsgevangenes gemaak en hulle na Damaskus toe weggevoer. Agas is ook oorgegee in die mag van die koning van Israel wat hom 'n verpletterende neerlaag toegedien het.

⁶Peka seun van Remalja het in Juda op een dag honderd en twintig duisend man, almal soldate, doodgemaak, omdat hulle die Here die God van hulle voorvaders verlaat het.

⁷Sikri, 'n krygsman uit Efraim, het die prins Maäseja, die paleisbestuurder Asrikam en die onderkoning Elkana doodgemaak.

⁸Die Israeliete het van hulle broedervolk twee honderd duisend vrouens, seuns en dogters gevange geneem en boonop 'n groot hoeveelheid buit geneem en na Samaria toe saamgevat.

⁹Daar was in Samaria 'n profeet van die Here met die naam Oded. Hy het die leer wat in Samaria teruggekom het, voorgestaan en vir hulle gesê: “In sy toorn teen Juda het die Here, die God van julle voorvaders, hulle in julle mag gegee, en julle het onder hulle 'n slagting aangerig met 'n woede wat ten hemel skrei.

¹⁰Nou sê julle julle wil van dié mense van Juda en Jerusalem julle slawe en slavinne maak. Maar julle, is alles wat julle doen nie ook misdade teen die Here julle God nie?

¹¹Luister nou en vat die gevangenes wat julle uit julle broedervolk weggevoer het, terug, want die toorn van die Here hang oor julle.”

¹²'n Paar van die leiers van die Efraimiete, Asarja seun van Joganan, Berekja seun van Mesillemot, Hiskia seun van Sallu, en Amasa seun van Gadlai, het toe kant gekies teen dié wat van die oorlog af teruggekom het

¹³en vir hulle gesê: “Julle bring nie die gevangenes hier in nie. Wat julle wil doen, is 'n misdaad teen die Here en sal ons sondes en misdade teen Hom groter maak. Dit is alreeds groot, en sy toorn hang oor Israel.”

¹⁴Die manskappe het toe afstand gedoen van die gevangenes en die buit, met die leiers en die hele volk as getuies.

¹⁵Die manne wie se name genoem is, het toe die gevangenes onder hulle sorg geneem. Hulle het uit die buit klere geneem vir almal wat nie klere gehad het nie, die gevangenes voorsien van klere, skoene, kos en water, salf aan hulle wonde gesmeer, almal wat nie kon loop nie, op donkies gehelp en hulle weggebring na Jerigo die palmstad toe, by hulle volksgenote. Daarna is die manne terug Samaria toe.

¹⁶In dié tyd het koning Agas laat hulp vra by die konings van Assirië.

¹⁷Die Edomiete het weer gekom en Juda verslaan en gevangenes weggevoer.

¹⁸Die Filistyne het deur die Laeveld en die Suidland van Juda 'n strooptog gemaak en selfs stede beset en daar gaan woon: Bet-Semes, Ajalon, Gederot, Soko met sy buitedorpe, Timna met sy buitedorpe, Gimso met sy buitedorpe.

¹⁹Dit was oor koning Agas van Juda dat die Here Juda dié vernedering aangedoen het, want Agas het die verdorwenheid in Juda vrye teuels gegee en hy was ontrou teenoor die Here.

²⁰Koning Tiglat-Pileser van Assirië het opgetrek, maar téén Agas. Hy het Agas nie kom help nie, maar sake vir hom nog moeiliker gemaak.

²¹Agas het van die huis van die Here, die paleis en die amptenare goud gevat en dit vir die koning van Assirië gegee, maar dit het hom niks gehelp nie.

²²Toe dit so sleg met hom gaan, was hy, dié koning Agas, nog verder ontrou teenoor die Here.

²³Hy het offerandes gebring vir die gode van Damaskus wat hom verslaan het, met die redenasie: “Die gode van Aramese konings het hulle gehelp; nou bring ek vir daardie gode offerandes dat hulle my ook kan help.” Maar dié gode het sy val en dié van die hele Israel verhaas.

²⁴Agas het die goed wat in die tempel gebruik is, weggevat en stukkend geslaan, die deure van die huis van die Here gesluit en op elke hoek in Jerusalem altare gebou.

²⁵In elke stad van Juda het hy hoogtes ingerig om vreemde gode met offerandes te vereer. So het hy die Here, die God van sy voorvaders, uitgetart.

²⁶Die ander verhale oor Agas en sy hele lewensloop, dié van vroeër en dié van later, is opgeteken in die annale van die konings van Juda en Israel.

²⁷Agas is oorlede, en hy is begrawe in die stad, in Jerusalem. Hulle het hom nie in die begraafplaas van die konings van Israel begrawe nie. Sy seun Hiskia het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 29

Hiskia laat die tempel skoonmaak

¹Hiskia het koning geword toe hy vyf en twintig was en hy het nege en twintig jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Abi, 'n dogter van Sagaria.

²Hiskia het gedoen wat reg is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van sy voorvader Dawid gevolg.

³Hy het in die eerste jaar van sy regering, in die eerste maand, die deure van die huis van die Here oopgemaak en hulle herstel.

⁴Daarna het hy die priesters en die Leviete laat kom en hulle op die Oosplein bymekaargebring

⁵en toegesprek: “Luister na my, Leviete! Reinig julle en reinig die huis van die Here, die God van julle voorvaders. Vat die vuilgoed uit die heiligdom uit.

⁶Ons voorvaders was ontrou en het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here ons God. Hulle het Hom verlaat, die woning van die Here nie versorg nie en dit die rug toegekeer.

⁷Hulle het boonop die deure van die ingangsportaal gesluit, die lampe laat doodgaan en geen wierookoffer of brandoffer vir die God van Israel gebring in die heiligdom nie.

⁸Daarom het die toorn van die Here oor Juda en Jerusalem gekom, en Hy het van hulle iets gemaak waaroor mense net met afgryse vervul kan word en die

hande van verbasing inmekaar kan slaan en kan fluit, soos julle met julle eie oë sien.

⁹Ons vaders het gesnuwel, ons seuns en ons dogters en ons vrouens het gevangenes geword deur dié dinge.

¹⁰En nou het ek my voorgeneem om 'n verbond te sluit met die Here die God van Israel, sodat die gloed van sy toorn van ons weggeneem sal word.

¹¹Spring nou aan die werk, my seuns, want die Here het julle gekies om voor Hom diens te doen en sy dienaars te wees wat vir Hom offerandes moet bring.”

¹²Toe het die volgende Leviete na vore getree: uit die Kehatgroep Magat seun van Amasai, en Joël seun van Asarja; uit die Merarigroep Kis seun van Abdi, en Asarja seun van Jehallelel; uit die Gersongroep Joag seun van Simma, en Eden seun van Joag;

¹³uit die Elisafangroep Simri en Jeïel; uit die Asafgroep Sagaria en Mattanja;

¹⁴uit die Hemangroep Jegiël en Simi; en uit die Jedutungroep Semaja en Ussiël.

¹⁵Hulle het hulle ampsgenote bymekaargeroep, almal het hulle gereinig en het toe die huis van die Here gaan skoonmaak soos die koning beveel het in ooreenstemming met die voorskrifte van die Here.

¹⁶Die priesters het die huis van die Here binne gaan skoonmaak. Hulle het alles wat nie rein was nie, wat hulle in die tempel van die Here gekry het, na die voorhof toe uitgebring, en die Leviete het dit gevat en dit buite in die Kedrondal gaan weggooi.

¹⁷Hulle het met die reiniging begin op die eerste dag van die eerste maand, en op die agste dag van die maand het hulle by die ingangsportaal van die Here uitgekom. Daarna het dit hulle nog ag dae gekos om die huis van die Here te reinig. Op die sestiende dag van die eerste maand was hulle klaar.

¹⁸Toe het hulle by koning Hiskia in die paleis verslag gaan doen: “Ons het die hele huis van die Here gereinig, ook die brandofferaltaar met sy toebehore en die tafel vir die offerbrood met sy toebehore,

¹⁹en ons het verder al die goed wat koning Agas in sy regeringstyd ontwy laat raak het deur sy troueloosheid, in hulle oorspronklike staat herstel en gewy. Hulle is daar voor die altaar van die Here.”

Die heringebruikneming van die tempel

²⁰Die volgende môre vroeg het koning Hiskia al die stadsamptenare laat bymekaarkom en is hy na die huis van die Here toe.

²¹Hulle het sewe jong bulle, sewe skaapramme, sewe lammers en sewe bokramme gebring as sondeoffers vir die koningskap, die heiligdom en Juda. Die koning het die priesters uit die geslag van Aäron beveel om die offerandes op die altaar van die Here te sit.

²²Die priesters het die beeste geslag, die bloed opgevang en dit oor die altaar gesprinkel. Daarna het hulle die skape geslag en die bloed oor die altaar gesprinkel. Daarna het hulle die lammers geslag en die bloed ook oor die altaar gesprinkel.

²³Toe het hulle die sondeofferbokke voor die koning en die gemeente gebring en hulle hande op die diere gelê,

²⁴en daarna het die priesters hulle geslag en die bloed as 'n sondeoffer uitgegiet op die altaar om vir die hele Israel versoening te doen. Die koning het bepaal dat die brandoffer en die sondeoffer vir die hele Israel moes wees.

²⁵Die koning het die Leviete plek laat neem met simbale, harpe en liere in die huis van die Here volgens die opdrag van Dawid en van Gad, die siener van koning Dawid, en van die profeet Natan, want dit was 'n opdrag wat van die Here self gekom het deur middel van sy profete.

²⁶Die Leviete het reggestaan met die instrumente van Dawid, en die priesters met trompette.

²⁷Hiskia het opdrag gegee dat die brandoffer op die altaar gesit moet word, en die oomblik toe die offer begin, het die lied van die Here begin, die trompette geblaas en die musiekinstrumente van Dawid koning van Israel gespeel.

²⁸Terwyl die sang weerklink en die trompette skal, het die hele gemeente in aanbidding gebuig. Dit het alles aangehou tot die offer afgehandel was.

²⁹Toe die offer afgehandel was, het die koning en almal wat by hom was, gekniel en gebuig.

³⁰Hy en die amptenare het toe die Leviete beveel om die Here te loof met die liedere van Dawid en die siener Asaf. Die Leviete het die lofliedere vol vreugde gesing en op hulle knieë geval en vooroor gebuig.

³¹Hiskia het weer die woord geneem en vir die volk gesê: “Julle is nou aan die Here gewy. Bring nou julle diereoffers en julle dankoffers vir die huis van die Here.” Die gemeente het toe diereoffers en dankoffers gebring en elkeen wat wou, het vrywillig ook nog brandoffers gebring.

³²Die getal brandoffers wat die gemeente gebring het, was sewentig beeste, honderd ramme en twee honderd lammers, alles brandoffers vir die Here.

³³Die wydingsgeskenke was ses honderd beeste en drie duisend stuks kleinvee.

³⁴Maar daar was te min priesters en hulle kon nie alleen al die offerdiere slag nie. Toe het hulle ampsgenote, die Leviete, hulle gehelp tot die werk klaar was en al die priesters hulleself gewy het, want die Leviete was pligsgetrouer met die wyding as die priesters.

³⁵Daar was boonop nog 'n groot aantal brandoffers en die vetgedeeltes van die maaltydoffers en die drankoffers wat by die brandoffers gebring moes word. So is die tempeldiens weer gevestig.

³⁶Hiskia en al die mense was bly oor wat God vir die volk beskik het, want die hele saak is vinnig afgehandel.

2 Kronieke 30

Die paasfees word weer gevier

¹Hiskia het boodskappers gestuur oor die hele Israel en Juda en ook briewe geskryf aan Efraim en Manasse met 'n oproep om na die huis van die Here in Jerusalem te kom om die paasfees vir die Here die God van Israel te vier.

²Dit was nadat die koning met sy amptenare en die hele gemeente van Jerusalem daaroor beraadslaag het of hulle die paasfees in die tweede maand kon vier.

³Hulle kon dit nie op die vasgestelde tyd vier nie omdat daar nie genoeg priesters gewy was nie en die volk nie in Jerusalem bymekaar was nie.

⁴Die koning en die hele gemeente het dit goedgevind om dit so te doen.

⁵Hulle het besluit om 'n oproep te laat uitgaan in die hele Israel, van Berseba af tot by Dan, om die paasfees vir die Here die God van Israel in Jerusalem te kom vier, want daar was in dié tyd nie 'n groot gesamentlike fees soos dit destyds voorgeskryf is nie.

⁶Die hardlopers is toe op bevel van die koning die hele Israel en Juda deur met die briewe van die koning en sy amptenare, wat soos volg gelui het: “Israeliete, kom terug na die Here, na die God van Abraham, Isak en Israel, dan sal Hy ook terugkom na julle wat vrygekom het en oorgebly het van die oorheersing deur die konings van Assirië.

⁷Moenie soos julle vaders en julle broers maak nie wat ontrou was teenoor die Here, die God van hulle voorvaders, sodat Hy van hulle iets gemaak het waaroor mense net die hande van verbasing inmekaar kan slaan, soos julle kan sien.

⁸Moenie hardkoppig wees soos julle vaders nie, onderwerp julle aan die Here, en kom na sy heiligdom toe wat Hy vir altyd geheilig het. Dien die Here julle God, dan sal sy toornloed van julle af weggaan.

⁹As julle terugkom na die Here toe, sal julle broers en julle seuns medelye vind by dié wat hulle gevange weggevoer het en sal hulle na hierdie land toe terugkom. Die Here julle God is genadig en barmhartig. Hy sal nie afsydig staan as julle na Hom toe terugkom nie.”

¹⁰Die hardlopers het in die gebied van Efraim en Manasse en tot in Sebulon van stad tot stad gegaan, maar die mense het hulle uitgelag en gespot.

- ¹¹Tog het mense in Aser, Manasse en Sebulon berou gekry en na Jerusalem toe gekom.
- ¹²Ook in Juda was die hand van God werksaam. Hy het hulle die koning en die amptenare se bevel wat op sy opdrag berus het, eendragtig laat gehoorsaam.
- ¹³Baie mense het in Jerusalem byeengekom, 'n baie groot gemeente, om die fees van die ongesuurde brood in die tweede maand te vier.
- ¹⁴Die mense het die altare wat oral in Jerusalem was, afgebreek, ook al die wierookaltare, en dit in die Kedrondal gegooi.
- ¹⁵Hulle het die paaslam geslag op die veertiende van die tweede maand. Die priesters en die Leviëte het skaam gekry en hulle gewy en die brandoffers geoffer in die huis van die Here.
- ¹⁶Hulle het hulle plekke ingeneem volgens die orde wat vir hulle neergelê is in ooreenstemming met die wet van Moses, die man van God. Die priesters het die bloed gesprinkel wat die Leviëte vir hulle aangegee het.
- ¹⁷In die gemeente was daar baie mense wat hulle nie gewy het nie, en die Leviëte moes toe die paaslamme slag vir almal wat nie rein was nie, sodat ook hulle paaslamme aan die Here gewy kon wees.
- ¹⁸Die meeste van die baie mense uit Efraim, Manasse, Issaskar en Sebulon het hulle nie gereinig nie en het die paaslam geëet in stryd met wat voorgeskryf is. Maar Hiskia het vir hulle gebed: “Mag die Here in sy goedheid versoening doen vir
- ¹⁹elkeen wat aan God, die Here, die God van sy voorvaders, gehoorsaam wil wees, al is dit nie volgens die reinheidsvoorskrifte van die heiligdom nie.”
- ²⁰Die Here het Hiskia se gebed verhoor en die volk nie gestraf nie.
- ²¹Die Israëliëte wat in Jerusalem was, het die fees van die ongesuurde brood met groot vreugde sewe dae lank gevier. Die Leviëte en die priesters het elke dag die mag van die Here geloof met begeleiding van musiek,

²²en Hiskia het die Leviete geprys oor die bekwaamheid waarmee hulle dié kuns voor die Here beoefen het. Die fees is sewe dae lank gevier. Daar is maaltydoffers gebring en die Israëliete het die Here die God van hulle voorvaders geloof.

²³Toe het die hele gemeente besluit om die fees met 'n week te verleng, en hulle het nog sewe dae met vreugde feesgevier.

²⁴Koning Hiskia van Juda het duisend jong bulle en sewe duisend stuks kleinvee tot beskikking van die gemeente gestel, en die amptenare het nog duisend jong bulle en tien duisend stuks kleinvee bygesit. 'n Groot aantal priesters het hulleself gereinig.

²⁵Daar was vreugde in die hele gemeente van Juda, onder die priesters en die Leviete, in die hele gemeente wat uit Israel gekom het, en ook onder die immigrante wat uit die land Israel gekom het en nou in Juda gewoon het.

²⁶In Jerusalem was daar groot vreugde, want so iets was daar nie in Jerusalem van die tyd van koning Salomo van Israel, seun van Dawid, af nie.

²⁷Toe die priesters en die Leviete opstaan en die seën uitspreek oor die volk, het God dit gehoor: hulle gebed het die heilige woning van God in die hemel bereik.

2 Kronieke 31

¹Toe alles verby was, is al die Israëliete uit na die stede van Juda toe, almal wat by die fees was. Hulle het in die hele Juda en Benjamin en ook in Efraim en Manasse die klippilare afgebreek, die gewyde pale afgekap en die hoogtes en altare verwoes. Eers nadat alles vernietig is, is die Israëliete terug na hulle stede toe, elkeen na sy eie stukkie grond toe.

Hiskia reël die insameling van die offergawes en die versorging van die tempelpersoneel

²Hiskia het ook die pligte van die afdelings priesters en Leviete bepaal. Die priesters sowel as die Leviete moes afdelingsgewys, elkeen volgens die aard van sy dienswerk, sorg dra vir die brandoffers, die maaltydoffers, die algemene

diens, die belydenis en die lofprijsing in die poorte van die woning van die Here.

³Soos dit in die voorskrifte van die Here vasgelê is, het die koning uit sy persoonlike besit sy deel gedoen vir die brandoffer, die môre- en aandoffers, die offers op die sabbat, die nuwemaansfees en die vasgestelde feestye.

⁴Die volk, die inwoners van Jerusalem, moes op bevel van die koning sorg vir die onderhoud van die priesters en die Leviete, sodat dié hulle aandag kon gee aan die uitleg van die wet van die Here.

⁵Namate die bevel bekend geword het, het die Israeliete die eerste opbrengste aan koring, wyn, olie, heuning en alles wat die land opgelewer het, ingebring, en ook die tiendes van alles, in groot hoeveelhede.

⁶Ook die Israeliete wat in die stede van Juda gewoon het, en die mense van Juda self, het hulle tiendes uit die groot- en kleinvee ingebring en hulle het die gawes wat aan die Here hulle God gewy was, kom neersit, hope en hope.

⁷Hulle het in die derde maand daarmee begin, en die goed het bly ophoop tot die sewende maand toe.

⁸Toe Hiskia en die amptenare kom en die hope sien, het hulle die Here en sy volk Israel geprys.

⁹Hiskia het by die priesters en die Leviete navraag gedoen oor die hope goed,

¹⁰en Asarja die hoëpriester uit die huis van Sadok het vir hom gesê: “Vandat die offergawes by die huis van die Here begin inkom het, is hier meer as genoeg om te eet en daar bly baie oor. Die Here het sy volk geseën, daarom is daar so 'n massa goed oor.”

¹¹Hiskia het toe opdrag gegee dat daar kamers aan die tempel aangebou word, en dit is gedoen.

¹²Die offergawes, die tiendes en die gewyde gawes het getrou ingekom. Die Leviet Kenanja moes daaroor toesig hou, en sy ampsgenoot Simi was tweede in bevel.

¹³Die amptenare tot beskikking van Kenanja en sy ampsgenoot Simi was Jegiël, Asasja, Nagat, Asael, Jerimot, Josabad, Eliël, Jismakja, Magat en Benaja. So het koning Hiskia en die hoof van die tempel, Asarja, dit gereël.

¹⁴Die toesig oor die vrywillige gawes aan God en oor die uitdeling van die offergawes van die Here en van die besondere gewyde gawes was in die hande van die Leviet Kore seun van Jimna, die wag by die Oospoort.

¹⁵Hy is bygestaan deur Eden, Minjamin, Jesua, Semaja, Amarja en Sekanja, en hulle moes in die priesterkwartiere op 'n billike wyse die toewysings aan hulle ampsgenote in die afdelings doen, aan groot en klein.

¹⁶Daarnaas het hulle ook toewysings gedoen aan die seuntjies van drie jaar en ouer wat in die register opgeneem is, almal wat een of ander tyd in die tempel sou kom vir die tempeldiens en die wagbeurte binne hulle afdelings, soos dit van dag tot dag nodig sou wees.

¹⁷Die priesters is familiegewys in die register opgeneem, en van die Leviete dié van twintig jaar en ouer volgens diensbeurt en afdeling.

¹⁸Al hulle afhanklikes is ook in die register opgeneem: die vrouens, die seuns en die dogters van die hele tempelgemeenskap. Die priesters en die Leviete het hulle getrou gereinig met die oog op die diens in die heiligdom.

¹⁹Ook die Aäronitiese priesters in die weigebiede van die stede is versorg. In elke stad is mense by die naam aangewys om al die manlike lede van die priesterfamilies en al die Leviete wat in die register opgeneem was, hulle deel te laat kry.

²⁰So het Hiskia dwarsdeur Juda gedoen. Hy het gedoen wat goed en reg en eerbaar is in die oë van die Here sy God.

²¹In alles wat hy onderneem het ter bevordering van die tempeldiens en die gehoorsaamheid aan wet en gebod, het hy met sy hele hart gevra na die wil van sy God, en daarom was hy voorspoedig.

2 Kronieke 32

Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib

(Vgl. 2 Kon. 18 -- 19)

¹Na dié gebeure, waarin Hiskia sy trou betoon het, het koning Sanherib van Assirië op die toneel gekom. Hy het Juda ingeval en die vestingstede beleër met die bedoeling om deur hulle verdediging te breek.

²Toe Hiskia hoor van die koms van Sanherib en dat hy op oorlog teen Jerusalem uit is,

³het hy in oorleg met sy amptenare en offisiere besluit om die water van die fonteine wat buite die stad was, af te sny. Hulle het met hom saamgestem,

⁴en 'n groot klomp mense het bymekaargekom en al die fonteine en ook die watervoor wat deur die omgewing geloop het, toegegooi. Hulle het gesê: “Hoekom moet die konings van Assirië baie water kry as hulle hier kom? ”

⁵Hiskia het al die mure wat afgebreek was, herbou, die forte hoër gebou, nog 'n muur buite-om opgetrek en die terras by die Dawidstad laat versterk. Hy het ook 'n groot klomp spiese en skilde laat maak.

⁶Nadat hy bevelhebbers oor die volksleër aangewys het, het hy hulle by hom laat bymekaarkom op die plein by die stadspoort en hulle moed ingepraat:

⁷“Wees sterk, wees dapper, moenie bang wees nie, moenie skrik vir die koning van Assirië en die menigte by hom nie. By ons is meer as by hom.

⁸By hom is menslike mag, by ons is die Here ons God wat ons sal help en ons oorlog sal veg.” Die manskappe was bemoedig deur dié woorde van koning Hiskia van Juda.

⁹'n Tyd daarna het koning Sanherib van Assirië, wat toe met sy hele krygsmag by Lakis was, van sy ondergeskiktes na Jerusalem toe gestuur met 'n boodskap vir koning Hiskia van Juda, en vir al die mense van Juda in Jerusalem. Die boodskap het gelui:

¹⁰“So sê koning Sanherib van Assirië: Op wie steun julle dat julle in Jerusalem in die vesting bly?

¹¹Hiskia sê: ‘Ons God sal ons red van die koning van Assirië,’ maar mislei hy julle nie, sodat julle van honger en dors sal sterwe?

¹²Dit is mos dié Hiskia wat die hoogtes en die altare van julle God verwyder het en vir Juda en Jerusalem gesê het: ‘Julle moet by net een altaar aanbid en offers bring.’

¹³Julle weet mos wat ek en my voorvaders aan al die volke in ander lande gedoen het. Kon die gode van die nasies in daardie lande hulle lande red uit my mag?

¹⁴Wie van al die gode van daardie nasies wat al deur my voorvaders uitgeroei is, kon sy volk red uit my mag? Kan julle God julle dan red uit my mag?

¹⁵Moet dan nou nie dat Hiskia julle so bedrieg en julle mislei nie. Moet hom nie glo nie. Geen god van enige nasie of koninkryk kon sy volk red uit my mag of uit dié van my voorvaders nie. Julle God sal julle ook nie red uit my mag nie.”

¹⁶Die boodskappers het nóg dinge gesê teen God die Here en teen sy dienaar Hiskia.

¹⁷Sanherib het ook briewe geskryf waarin hy die Here die God van Israel gehoon het en dinge teen Hom gesê het. Hy het geskryf: “Soos die gode van die nasies van ander lande hulle volke nie kon red uit my mag nie, so sal die God van Hiskia sy volk nie red uit my mag nie.”

¹⁸Om die mense van Jerusalem wat op die mure was, bang te maak en hulle die skrik op die lyf te ja sodat die Assiriërs die stad kon inneem, het die boodskappers hard in die Judeese taal geroep

¹⁹en oor die God van Jerusalem gepraat soos oor die gode van die volke van ander lande, gode wat die werk van mensehande is.

²⁰Koning Hiskia en die profeet Jesaja seun van Amos het daarom gebid en na die hemel geroep.

²¹Toe stuur die Here 'n engel, en dié het elke soldaat en leier en offisier in die kamp van die koning van Assirië doodgemaak. Hy moes beskaamd die aftog

blaas terug na sy land toe. Toe hy daar in die tempel van sy god ingaan, het van sy eie seuns hom vermoor.

²²So het die Here vir Hiskia en die inwoners van Jerusalem gered uit die mag van koning Sanherib van Assirië en uit die mag van almal by hom. Die Here het sy volk aan alle kante beskerm.

²³Baie mense het vir die Here in Jerusalem offers gebring en kosbare geskenke vir koning Hiskia van Juda, wie se aansien onder die nasies hoog gestyg het ná dié gebeure.

Ander mededelings oor Hiskia

(Vgl. 2 Kon. 20)

²⁴Dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Hy het tot die Here gebid, en die Here het met hom gepraat en met hom 'n wonder laat gebeur.

²⁵Hiskia het egter nie dankbaarheid betoon vir dié weldaad nie. Hy het ingenome geword met homself, en dit het die toorn van die Here oor hom en oor Juda en Jerusalem gebring.

²⁶Hy en die inwoners van Jerusalem het egter berou gekry oor die selfingenomenheid, en die toorn van die Here het toe nie in die tyd van Hiskia oor hulle gekom nie.

²⁷Hiskia was ryk en het groot aansien geniet. Hy het vir hom skatkamers laat bou vir silwer, goud, edelstene, kosbare kruie, skilde en allerlei waardevolle goed.

²⁸Hy het opslagplekke laat bou vir die koring, wyn en olie wat aan hom gelewer is, en krale en stalle vir sy beeste en kleinveekuddes.

²⁹Hy het vir hom stede laat bou en het groot troppe kleinvee en grootvee gehad. God het hom 'n baie groot persoonlike besit laat opbou.

³⁰Dit was Hiskia wat die boonste uitloop van die Gihonfontein afgesny en die water reguit na die westekant van die Dawidstad toe gelei het. Hy was voorspoedig met alles wat hy gedoen het.

³¹Maar toe die regeerders van Babel woordvoerders na hom toe gestuur het om navraag te doen oor die wonder wat in sy land gebeur het, het God hom verlaat. Dit was om hom te toets en hom sy eie hart te laat ken.

³²Die ander verhale oor Hiskia en sy troue optrede is opgeteken in Die Gesig van die Profeet Jesaja seun van Amos en in Die Boek van die Konings van Juda en Israel.

³³Hiskia is oorlede, en hy is begrawe teen die skuinste waar die grafte van die nakomelinge van Dawid is. Die hele Juda en die inwoners van Jerusalem het aan hom eer bewys met sy dood. Sy seun Manasse het hom as koning opgevolg.

2 Kronieke 33

Die sonde van Manasse, en sy berou

(Vgl. 2 Kon. 21:1-16)

¹Manasse was twaalf toe hy koning geword het en het vyf en vyftig jaar in Jerusalem geregeer.

²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het die afskuwelike optrede van die heidennasies nagevolg wat deur die Here verdryf is om vir die Israeliete plek te maak.

³Hy het die hoogtes wat deur Hiskia, sy pa, verwoes is, weer opgebou, altare vir die Baäls opgerig, gewyde pale gemaak, voor al die hemelliggame gebuig en hulle gedien.

⁴Hy het selfs afgodsaltare gebou in die huis van die Here, die plek waarvan die Here gesê het: “My Naam sal altyd in Jerusalem wees.”

⁵In die twee voorhowe van die huis van die Here het hy altare vir al die hemelliggame gebou.

⁶Hy het sy eie seuns in die Ben-Hinnomdal as offers verbrand, hom besig gehou met goëlery, waarsêery en toordery, en meegedoen aan die oproep en raadpleging van geeste. Hy het gruwelik verkeerd gedoen in die oë van die Here en Hom uitgetart.

⁷Die afgodsbeeld wat hy laat maak het, het hy opgestel binne-in die tempel, die plek waarvan God vir Dawid en sy seun Salomo gesê het: “In hierdie huis en in Jerusalem wat Ek onder al die Israelitiese stamme uitgekies het, vestig Ek my Naam vir altyd.

⁸As Israel alles doen wat Ek hulle beveel het, in ooreenstemming met die hele wet en die voorskrifte en bepalings wat deur bemiddeling van Moses gegee is, sal Ek hulle voete stewig geplant hou op die grond wat Ek aan hulle voorvaders toegeken het.”

⁹Maar Manasse het Juda en die inwoners van Jerusalem die verkeerde pad laat loop, sodat hulle erger aangegaan het as die nasies wat deur die Here uitgeroei is om vir Israel plek te maak.

¹⁰Die Here het Manasse en sy volk aangespreek, maar hulle het daar geen ag op geslaan nie.

¹¹Toe het die Here die leëraanvoerders van die koning van Assirië laat kom, en hulle het Manasse gevange geneem, hake deur sy neus gestee, hom geboei met bronskettings en hom na Babel toe gevat.

¹²Toe dit met hom so sleg gaan, het hy die Here sy God om genade gesmeek, groot berou getoon voor die God van sy voorvaders,

¹³en gebid. Die Here was hom genadig en het sy smeekbede verhoor en hom laat terugkom na Jerusalem, na sy koningskap toe. Toe het Manasse geweet dat die Here God is.

Manasse se bouwerk en hervormings

¹⁴Manasse het later die buitemuur van die Dawidstad wes van die Gihon, in die dal, by die ingang van die Vispoort en rondom die Ofel herbou. Hy het die muur baie hoër gemaak as wat dit was. In al die vestingstede van Juda het hy bevelvoerders geplaas.

¹⁵Verder het hy die vreemde gode en die afgodsbeeld uit die huis van die Here verwyder en buitekant die stad weggegooi, en so ook al die altare wat hy op die tempelberg en in Jerusalem gebou het.

¹⁶Hy het die altaar van die Here herstel en daarop maaltyd- en dankoffers gebring. Hy het opdrag gegee dat Juda die Here die God van Israel moet dien.

¹⁷Die volk het wel nog op die hoogtes offerandes gebring, maar nou vir die Here hulle God.

Manasse se dood

(Vgl. 2 Kon. 21:17,18)

¹⁸Die ander verhale oor Manasse, sy gebed tot sy God en die verhale oor die sieners wat hom aangespreek het in die Naam van die Here die God van Israel, staan in Die Verhale van die Konings van Israel.

¹⁹Sy gebed en die verhoring daarvan, al sy sonde en sy selfverheffing, en die plekke waar hy hoogtes gebou het en gewyde pale en afgodsbeelde opgerig het voordat hy berou gekry het, staan opgeteken in Die Verhale van die Sieners.

²⁰Manasse is oorlede, en hy is begrawe in sy huis. Sy seun Amon het hom as koning opgevolg.

Amon

(Vgl. 2 Kon. 21:19-26)

²¹Amon was twee en twintig toe hy koning geword het en het twee jaar in Jerusalem geregeer.

²²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here, net soos Manasse, sy pa, gedoen het. Vir al die beelde wat Manasse, sy pa, gemaak het, het Amon offerandes gebring. Hy het hulle gedien

²³en nie voor die Here berou getoon soos sy pa nie. Hy het nog meer misdade teen God begaan.

²⁴Sy amptenare het 'n sameswering teen hom gesmee en hom in sy paleis doodgemaak.

²⁵Daarna het die burgers van die land die samesweerders almal doodgemaak en Amon se seun Josia in sy plek koning gemaak.

2 Kronieke 34

Josia bestry die afgodery

(Vgl. 2 Kon. 23:4-20)

¹Josia was ag toe hy koning geword het en het een en dertig jaar in Jerusalem geregeer.

²Hy het gedoen wat reg is in die oë van die Here. Hy het die pad van sy voorvader Dawid geloop en daar nie links of regs van afgewyk nie.

³In die agste jaar van sy regering, toe hy nog 'n jong man was, het hy begin om die God van sy voorvader Dawid te dien, en in die twaalfde jaar het hy begin om Juda en Jerusalem te suiwer van hoogtes, gewyde pale, gesnede en gegote beelde.

⁴Hy het persoonlik toegesien dat die altare van die Baäls verwoes word en het die wierookaltare wat bokant die Baälsaltare gestaan het, laat stukkend slaan. Die gewyde pale en die gesnede en gegote beelde het hy stukkend gebreek, fyngemaal en oor die grafte van dié wat vir hulle offerandes gebring het, gestrooi.

⁵Die bene van die afgodspriesters het hy op hulle eie altare laat verbrand. So het hy Juda en Jerusalem skoongemaak,

⁶en ook die stede van Manasse, Efraim en Simeon, tot by Naftali, en ook die ruïnes van die omgewing.

⁷Hy het dwarsoor die gebied van Israel altare afgebreek, gewyde pale en beelde in stukkies gekap en al die wierookaltare stukkend gebreek. Daarna is hy terug Jerusalem toe.

Die tempel word herstel

(Vgl. 2 Kon. 22:3-7)

⁸In die agtiende jaar van sy regering, toe hy nog besig was om die land en die tempel skoon te maak, het Josia vir Safan seun van Asalja, die stadsbevelvoerder Maäseja en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Joahas gestuur om die huis van die Here sy God te herstel.

⁹Hulle het die geld wat deur die Levitiese drumpelwagte vir die tempel ingesamel is in Manasse en Efraim en oral in Israel, Juda en Benjamin en by die inwoners van Jerusalem, aan die hoëpriester Gilkija gaan oorhandig.

¹⁰Die geld is toe gegee aan die mense wat vir die werk aan die tempel moes sorg en dié het dit gebruik vir die heropbou en herstel van die gebou.

¹¹Hulle het die geld vir die vakmanne en bouwerkers gegee om gekapte klip en balke te koop en die vertrekke wat onder die konings van Juda in verval geraak het, weer op te bou.

¹²Die manne het die werk met groot sorg uitgevoer. Die opsigters oor hulle was die Leviëte Jagat en Obadja uit die Merarigroep, en Sagaria en Mesullam uit die Kehatgroep. Die Leviëte was mense wat almal bedrewe was in die speel van musiekinstrumente,

¹³maar hulle het ook toesig gehou oor die draers en het leiding gegee aan elkeen wat 'n taak moes uitvoer, in watter soort werk ook al. Ook die administratiewe amptenare, die regsbeamptes en die poortwagte was Leviëte.

Die wetboek en die verbondsluiting

(Vgl. 2 Kon. 22:8 -- 23:3)

¹⁴Terwyl hulle die geld wat vir die huis van die Here ingebring is, uitgehaal het, het die priester Gilkija die boek gekry met die wet van die Here wat deur bemiddeling van Moses aan Israel gegee is.

¹⁵Gilkija het toe vir die staatsekretaris Safan gesê: “Ek het die wetboek in die tempel gekry.” Hy het die wetboek aan Safan oorhandig,

¹⁶en Safan het dit na die koning toe geneem en ook aan die koning verslag gedoen: “Alles wat aan u amptenare opgedra is, is gedoen;

¹⁷die geld wat in die tempel beskikbaar was, is uitgetel en oorhandig aan die opsigters en aan die mense wat die werk moet uitvoer.”

¹⁸Die staatsekretaris Safan het ook aan die koning die mededeling gedoen: “Die priester Gilkija het my 'n boek gegee,” en Safan het vir die koning ge lees wat daarin staan.

¹⁹Toe die koning hoor wat die wet sê, het hy sy klere geskeur

²⁰en opdrag gegee aan Gilkija, aan Agikam seun van Safan, aan Akbor seun van Miga, aan die staatsekretaris Safan en aan Asaja, die hoofamptenaar van die koning:

²¹“Gaan raadpleeg die Here namens my en namens almal wat nog oor is van Israel en Juda. Raadpleeg Hom oor die inhoud van die boek wat gekry is. Ons voorvaders was ongehoorsaam aan die woord van die Here en het nie gehandel in ooreenstemming met alles wat in hierdie boek staan nie. Daarom is die toorn van die Here wat op ons uitgestort gaan word, groot.”

²²Gilkija en die manne van die koning is toe na die profetes Gulda toe. Sy was die vrou van die klerebewaarder Sallum seun van Tikwa, seun van Gasra, en het in die nuwe deel van Jerusalem gewoon. Hulle het haar vertel waarom hulle gekom het,

²³en sy het geantwoord: “Ek het 'n boodskap van die Here die God van Israel. Sê vir die man wat julle na my toe gestuur het:

²⁴So sê die Here: Ek bring onheil oor hierdie plek en oor sy inwoners, die volle straf soos dit opgeteken staan in die boek wat aan die koning van Juda voorgelees is,

²⁵want hulle het My verlaat. Hulle het offerandes gebring vir ander gode en My uitgetart met allerhande maaksels van hulle eie hande. My toorn word op hierdie plek uitgestort, die vlam van my toorn sal nie geblus word nie.

²⁶⁻²⁷Maar sê vir die koning van Juda wat vir julle gestuur het om die Here te raadpleeg: So sê die Here die God van Israel: Ek het daarop ag geslaan dat jy in jou hart geraak is deur die woorde wat jy gehoor het en dat jy berou getoon het voor God toe jy hoor wat Hy sê oor hierdie plek en sy inwoners, en dat jy jou klere geskeur het en gehuil het en voor My berou getoon het, sê die Here.

²⁸Ek sal jou in vrede laat sterwe en in jou graf laat ingaan; jy sal niks van al die onheil wat Ek oor hierdie plek en sy inwoners bring, self beleef nie.” Die afvaardiging het so aan die koning gerapporteer,

²⁹en hy het al die leiers van Juda en Jerusalem bymekaar laat kom.

³⁰Daarna is die koning na die huis van die Here toe met al die mense van Juda by hom en ook die inwoners van Jerusalem, die priesters en die Leviete, al die mense, groot en klein. Daar het hy alles aan hulle voorgelees wat in die boek van die verbond gestaan het wat in die huis van die Here gevind is.

³¹Toe het die koning op sy plek gaan staan en 'n verbond met die Here gesluit en beloof om die Here te volg en sy gebooie, verordeninge en voorskrifte met sy hele hart en siel te gehoorsaam en om die bepalings van die verbond soos dit in hierdie boek vasgelê is, na te kom.

³²Hy het almal wat in Jerusalem en Benjamin was, in die verbond ingesluit. Die inwoners van Jerusalem het gedoen wat die verbond van God, die God van hulle voorvaders, vereis.

³³Josia het alles wat vir God afskuwelik is, verwyder uit die hele Israelitiese gebied en almal in Israel verplig om die Here hulle God te dien. So lank hy geleef het, het hulle nie weggedraai van die Here, die God van hulle voorvaders, af nie.

2 Kronieke 35

Die groot paasfees

(Vgl. 2 Kon. 23:21,22)

¹Josia het die paasfees van die Here in Jerusalem gevier. Hulle het die paaslam geslag op die veertiende van die eerste maand.

²Die koning het aan die priesters hulle diensbeurte toegewys en hulle moed ingepaat vir die tempeldiens.

³Daarna het hy die Leviete wat vir die onderrig van die hele Israel verantwoordelik was en aan die Here gewy was, beveel: “Sit die heilige ark in die tempel wat koning Salomo van Israel, seun van Dawid, gebou het. Julle hoef dit nie meer op die skouers te dra nie. Doen nou julle werk vir die Here julle God en vir sy volk Israel.

⁴Orden julleself familiegewys volgens afdelings soos dit bepaal is in die handleidings van koning Dawid van Israel en sy seun Salomo.

⁵Neem dan julle plek in die heiligdom in: vir elke familiegroep van julle volksgenote moet daar 'n familieafdeling Leviete wees.

⁶Slag die paaslam, reinig julle, en berei julle volksgenote voor om uitvoering te gee aan die opdrag van die Here wat deur bemiddeling van Moses aan Israel gegee is.”

⁷Josia het self die kleinvee, die skaaplammers en boklammers, dertig duisend stuks, vir die lede van die volk voorsien, die paasoffers vir almal wat daar was, en ook nog drie duisend beeste. Dit het gekom uit die persoonlike besit van die koning.

⁸Sy amptenare het vrywillig voorsiening help maak vir die volk, die priesters en die Leviete. Gilkija, Sagaria en Jegiël, die hoofde van die tempel, het as paasoffers vir die priesters twee duisend ses honderd lammers en drie honderd beeste geskenk.

⁹Kenanja en sy ampsgenote Semaja en Netanel, en Gasabja, Jeïel en Josabad, die leiers van die Leviete, het as paasoffers vir die Leviete vyf duisend lammers en vyf honderd beeste geskenk.

¹⁰Toe die diens gereël is, die priesters op hulle plekke staan en die Leviete in hulle afdelings soos die koning beveel het,

¹¹is die paaslam geslag. Die priesters het die bloed gesprinkel wat vir hulle gegee is, en die Leviete het geslag.

¹²Die brandoffers is eenkant gehou om aan die familiegroepe uit die volk te gee sodat hulle dit kon offer aan die Here soos die boek van Moses dit voorskryf. Dit is ook met die beeste gedoen.

¹³Die paaslammers is volgens voorskrif oor die vuur gebraai, maar die gewyde offergawes is in potte, kastrolle en skottels gekook en vinnig vir die lede van die volk geneem.

¹⁴Daarna het die Leviete vir hulleself en die priesters vleis gaargemaak, want die priesters uit die nageslag van Aäron was tot die nag toe besig om die

brandoffers en die vetgedeeltes as offers te verbrand. Die Leviete moes dus vir hulleself en vir die Aäronitiese priesters vleis gaarmaak.

¹⁵Die sangers van die Asafgroep was op hulle pos volgens die voorskrif van Dawid, en ook Asaf self, Heman en Jedutun, die siener van die koning. Die poortwagte was elkeen by die poort waar hy moes wees. Hulle het nie nodig gehad om hulle poste te verlaat nie, want hulle ampsgenote, die Leviete, het vir hulle gesorg.

¹⁶So het die diens van die Here daardie dag verloop. Die paasfees is gevier en die brandoffers op die altaar van die Here gebring soos koning Josia beveel het.

¹⁷Die Israeliete wat daar was, het destyds die paasfees gevier en die sewedaagse fees van die ongesuurde brood.

¹⁸Van die tyd van die profeet Samuel af is daar nie so 'n groot paasfees in Israel gevier nie. Nie een van die konings van Israel het so paasfees gevier soos Josia, die priesters en die Leviete, die hele Juda, die Israeliete wat daar was, en die inwoners van Jerusalem dit gevier het nie.

¹⁹Dié paasfees is gevier in die agtiende regeringsjaar van koning Josia.

Die dood van Josia

(Vgl. 2 Kon. 23:28-30)

²⁰Alles wat Josia aan die tempel laat doen het, was afgehandel. Toe het koning Neko van Egipte opgetrek om in Karkemis, aan die Eufraat, te gaan oorlog maak. Josia het teen hom opgetrek,

²¹en Neko het met boodskappers vir hom laat weet: “Ons het niks teen mekaar nie, koning van Juda! My veldtog is dié keer nie teen jou nie, maar teen 'n vyand. God het gesê ek moet gou maak. Moenie in God se pad kom nie. Hy is by my en Hy sal jou vernietig.”

²²Josia het Neko egter nie met rus gelaat nie. Hy het hom vermoed met die oog op die geveg en nie geluister na wat Neko op bevel van God self gesê het nie. Hy het vir Neko in die Megiddovlakte gaan aanval.

²³Die boogskutters het koning Josia raakgeskiet, en hy het vir sy lyfwagte gesê: “Bring my uit, ek is swaar gewond.”

²⁴Hulle het hom van die strydwa afgehaal, hom op 'n ander wa gesit en hom na Jerusalem toe gebring. Hy is oorlede, en hy is begrawe in die familiegraf. Die hele Juda en Jerusalem het oor Josia getreur.

²⁵Jeremia het 'n treurlied oor Josia gedig, en al die sangers en sangeresse het oor Josia gesing in hulle treurliedere. Dit word nou nog gedoen, dit het 'n gebruik in Israel geword. Die liedere is opgeteken in Die Treurliedere.

²⁶Die ander verhale oor Josia, sy daade van trou in ooreenstemming met wat in die wet van die Here geskryf staan,

²⁷die verhale van vroeër en dié van later, is opgeteken in Die Boek van die Konings van Israel en Juda.

2 Kronieke 36

Joahas

(Vgl. 2 Kon. 23:31-34)

¹Die burgers van die land het Josia se seun Joahas geneem en hom koning in Jerusalem gemaak in sy pa se plek.

²Joahas was drie en twintig toe hy koning geword het en het drie maande in Jerusalem geregeer.

³Die koning van Egipte het vir Joahas afgesit as koning in Jerusalem en die land beboet met drie en 'n halwe ton silwer en vier en dertig kilogram goud.

⁴Daarna het die Egiptiese koning vir Eljakim, Joahas se broer, koning gemaak oor Juda en Jerusalem, en sy naam verander na Jojakim. Neko het vir Joahas, Jojakim se broer, saamgevat Egipte toe.

Jojakim

(Vgl. 2 Kon. 23:36 -- 24:6)

⁵Jojakim was vyf en twintig toe hy koning geword het en het elf jaar in Jerusalem geregeer. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here sy God.

⁶Koning Nebukadnesar van Babel het vir Jojakim aangeval en hom geboei met bronskettings om hom na Babel toe te vat.

⁷Nebukadnesar het van die goed in die huis van die Here ook na Babel toe gevat en dit in sy tempel in Babel gesit.

⁸Die ander verhale oor Jojakim, die afskuwelike dinge wat hy gedoen het en wat met hom gebeur het, is opgeteken in Die Boek van die Konings van Israel en Juda. Sy seun Jojagin het hom as koning opgevolg.

Jojagin

(Vgl. 2 Kon. 24:8-19)

⁹Jojagin was agtien jaar toe hy koning geword het en het drie maande en tien dae in Jerusalem geregeer. Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here.

¹⁰Met die wisseling van die jaar het koning Nebukadnesar hom na Babel toe laat haal saam met die kosbare goed in die huis van die Here, en sy broer Sedekia koning oor Juda in Jerusalem gemaak.

Sedekia. Die val van Jerusalem

(Vgl. 2 Kon. 24:18 -- 25:21; Jer. 52:1-11)

¹¹Sedekia was een en twintig toe hy koning geword het en het elf jaar in Jerusalem geregeer.

¹²Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here sy God. Hy het nie berou getoon toe die profeet Jeremia hom op bevel van die Here aangespreek het nie.

¹³Ook teen koning Nebukadnesar, aan wie hy voor God trou gesweer het, het hy hom verset. Hy was koppig en onversetlik in sy weiering om hom tot die Here die God van Israel te bekeer.

¹⁴Al die leiers van die priesters en die volk het ook weer in groot troueloosheid verval na die voorbeeld van die afskuwelike optrede van die heidennasies, en hulle het die huis van die Here wat Hy in Jerusalem geheilig het, ontwy.

¹⁵Die Here die God van hulle voorvaders het voortdurend aan hulle sy wil bekend gemaak deur middel van sy boodskappers, want Hy was begaan oor sy volk en sy woning,

¹⁶maar hulle het die boodskappers van God uitgelag, sy woorde geminag en sy profete gespot totdat die toorn van die Here oor sy volk losgebreek het. Die straf was onherroeplik.

¹⁷Die Here het die koning van die Galdeërs teen hulle laat optrek, en dié het die jongmanne van Juda doodgemaak binne in die heiligdom en nie jongman of meisie, grysaard of invalide ontsien nie. Die Here het almal in die mag van die koning van Babel gegee.

¹⁸Alles wat in die tempel was, of dit groot was of klein, die skatte van die huis van die Here, van die koning en sy amptenare, alles het hy na Babel toe gevat.

¹⁹Daarna het hulle die tempel afgebrand, die muur van Jerusalem afgebreek, al die beste huise afgebrand en alles wat van waarde was, verwoes.

²⁰Almal wat nie doodgemaak is nie, is na Babel toe weggevoer, waar hulle die koning van Babel en sy seuns se onderdane was totdat die Perse die bewind oorgeneem het.

²¹So is die woord van die Here vervul wat deur middel van Jeremia gekom het. Die ballingskap het aangehou totdat die land vir sy sabbatsjare vergoed is. Die hele tyd dat die land woes gelê het, het dit 'n sabbatsrus geniet, 'n volle sewentig jaar.

Die proklamasie van Kores

(Esra 1:1-4)

²²In die eerste regeringsjaar van koning Kores van Persië is die belofte vervul wat die Here by monde van Jeremia gegee het: die Here het dit bewerk dat koning Kores van Persië besluit het om dwarsoor sy ryk 'n proklamasie te laat afkondig. Die proklamasie, wat ook skriftelik was, het soos volg gelui:

²³“Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here, die God van die hemel, het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir Hom

'n tempel in Jerusalem in Juda te bou. Enigeen onder julle wat aan sy volk behoort, kan teruggaan, en mag die Here sy God by hom wees.”

Esra

Esra 1

Die proklamasie van Kores

(Vgl. 2 Kron. 36:22,23)

¹In die eerste regeringsjaar van koning Kores van Persië is die belofte vervul wat die Here by monde van Jeremia uitgespreek het: die Here het koning Kores van Persië laat besluit om dwarsoor sy ryk 'n proklamasie te laat afkondig. Die proklamasie, wat ook skriftelik was, het soos volg gelui:

²“Koning Kores van Persië maak bekend: Die Here die God van die hemel het al die koninkryke van die aarde aan my gegee. Hy het my beveel om vir Hom 'n tempel in Jerusalem in Juda te bou.

³Enigiemand onder julle wat aan sy volk behoort — mag sy God by hom wees — mag na Jerusalem in Juda toe gaan en die tempel gaan bou vir die Here die God van Israel. Hy is God in Jerusalem.

⁴Elkeen wat van dié volk nog oor is, waar hy ook al tydelik gewoon het, moet deur die mense van sy omgewing voorsien word van die nodige silwer, goud, gebruiksgoed en vee, tesame met 'n vrywillige gawe vir die tempel van God in Jerusalem.”

Die voorbereiding vir die terugkoms

⁵Die familiehoofde van Juda en Benjamin, asook die priesters en die Leviëte, elkeen in wie God die voorneme gegee het, het toe klaargemaak om die huis van die Here in Jerusalem te gaan bou.

⁶Al hulle bure het hulle hande gesterk deur silwerware en goud, gebruiksgoed, vee en allerlei kosbaarhede te gee, bo en behalwe al die vrywillige gawes.

⁷Koning Kores het ook die goed laat haal wat in die huis van die Here was en wat Nebukadnesar uit Jerusalem weggevat en in die tempel van sy god gesit het.

⁸Koning Kores van Persië het dit aan Mitredat, die sekretaris van die tesourie, laat oorhandig, en dié het 'n lys daarvan gemaak vir Sesbassar, hoof van die stam Juda.

⁹Die volgende stukke was op die lys: 30 goue bakke, 1.000 silwerbakke, en — toe dit weer getel is — nog 29 by,

¹⁰30 goue komme, 410 silwerkomme na hertelling, en 'n 1.000 ander stukke.

¹¹Daar was altesame 5.400 stukke goud en silwer. Sesbassar het alles saamgevat toe hy die ballinge van Babel af na Jerusalem toe gebring het.

Esra 2

Die mense wat saam met Serubbabel teruggekom het

(Vgl. Neh. 7:6-69)

¹Hier volg 'n opgawe van die mense uit die provinsie Juda wat uit die ballingskap teruggekom het na Jerusalem en Juda toe, elkeen na sy eie stad toe. Hulle is na Babel toe weggevoer deur koning Nebukadnesar van Babel,

²en hulle het teruggekom saam met Serubbabel, Jesua, Nehemia, Seraja, Reëlaja, Mordegai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Regum en Baäna. Die getalle van die mense van die volk Israel was soos volg:

³Ingedeel volgens families: Paros 2.172,

⁴Sefatja 372,

⁵Arag 775,

⁶Pagat-Moab, uit die families van Jesua en Joab, 2.812,

⁷Elam 1.254,

⁸Sattu 945,

⁹Sakkai 760,

¹⁰Bani 642,

¹¹Bebai 623,

¹²Asgad 1.222,

¹³Adonikam 666,

¹⁴Bigwai 2.056,

¹⁵Adin 454,

- ¹⁶Ater, uit die familie van Hiskia, 98,
- ¹⁷Besai 323,
- ¹⁸Jora 112,
- ¹⁹Gasum 223,
- ²⁰Gibbar 95.
- ²¹Ingedeel volgens plek van herkoms: Betlehem 123,
- ²²Netofa 56,
- ²³Anatot 128,
- ²⁴Bet-Asmawet 42,
- ²⁵Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot 743,
- ²⁶Rama en Geba 621,
- ²⁷Mikmas 122,
- ²⁸Bet-El en Ai 223,
- ²⁹Nebo 52,
- ³⁰Magbis 156,
- ³¹nog 'n Elam 1.254,
- ³²Garim 320,
- ³³Lod, Gadid en Ono 725,
- ³⁴Jerigo 345,
- ³⁵Senaä 3.630.
- ³⁶Priesterfamilies: Jedaja, uit die huis van Jesua, 973,
- ³⁷Immer 1.052,
- ³⁸Pasgur 1.247,
- ³⁹Garim 1.017.
- ⁴⁰Levitiese families: Jesua en Kadmiël, uit die Hodaujagroep, 74,

- ⁴¹sangers uit die Asafgroep 128,
- ⁴²poortwagte uit die families van Sallum, Ater, Talmon, Akkub, Gatita en Sobai, almal saam 139.
- ⁴³Tempelslawe met hulle families: Siga, Gasufa, Tabbaoth,
- ⁴⁴Keros, Sia, Padon,
- ⁴⁵Lebana, Gagaba, Akkub,
- ⁴⁶Gagab, Salmai, Ganan,
- ⁴⁷Giddel, Gagar, Reaja,
- ⁴⁸Resin, Nekoda, Gassam,
- ⁴⁹Ussa, Paseag, Besai,
- ⁵⁰Asna, Meünim, Nefusim,
- ⁵¹Bakbuk, Gakufa, Gargur,
- ⁵²Baslut, Megida, Garsa,
- ⁵³Barkos, Sisera, Temag,
- ⁵⁴Nesiag en Gatifa.
- ⁵⁵Nakomelinge van die dienaars van Salomo, met hulle families: Sotai, Soferet, Peruda,
- ⁵⁶Jala, Darkon, Giddel,
- ⁵⁷Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Ami.
- ⁵⁸Al die tempelslawe en die nakomelinge van die dienaars van Salomo was saam 392.
- ⁵⁹Uit Tel-Melag, Tel-Garsa, Kerub-Addan en Immer het mense teruggekom wat nie uit hulle familieverband en afstamming kon aantoon dat hulle deel van Israel is nie.
- ⁶⁰Dit was die families van Delaja, Tobija en Nekoda, altesaam 652 mense.

⁶¹Van die priesterfamilies was daar ook nog dié van Gabaja, Kos en Barsillai, dié Barsillai wat getroud is met 'n dogter van die Gileadiet Barsillai en toe na hom vernoem is.

⁶²Hierdie families het probeer vasstel of hulle in die registers opgeneem is, maar daar kon niks gevind word nie, en hulle is uit die priesteramp onthef.

⁶³Die amptenaar wat met dié sake belas was, het beslis dat hulle nie van die gewyde gawes mag eet voordat 'n priester uitsluitel gegee het met die urim en tummim nie.

⁶⁴Die hele gemeente was in totaal 42.360,

⁶⁵afgesien van hulle slawe en slavinne; dié was 7.337. Dan was daar ook nog 200 sangers en sangeresse.

⁶⁶Die mense het 736 perde, 245 muile,

⁶⁷435 kamele en 6.720 donkies gehad.

Bydraes vir die bou van die tempel

⁶⁸Met hulle aankoms by die tempelterrein in Jerusalem het 'n aantal familiehoofde vrywillige bydraes gegee vir die oprigting van die huis van die Here op sy oorspronklike plek.

⁶⁹Hulle het volgens hulle vermoë vir die boufonds gegee, iets meer as 'n halwe ton goud, byna drie ton silwer en honderd stelle priesterklere.

Die byeenkoms in Jerusalem. Die brandofferaltaar en die huttefees

⁷⁰Die priesters, die Leviete en 'n deel van die volk, asook die sangers, die poortwagte en die tempelslawe het hulle gevestig in die stede waar hulle vandaan gekom het. So het die hele Israel gedoen.

Esra 3

¹Toe die sewende maand aanbreek, was die Israeliete dus oral in die stede. Hulle het egter soos een man in Jerusalem bymekaargekom,

²en daar het Jesua seun van Josadak en sy ampsgenote die priesters, en Serubbabel seun van Sealtiel en sy helpers die altaar van die God van Israel

weer opgebou. Die altaar was bedoel vir die brandoffers soos dit voorgeskryf is in die wet van Moses, die man van God.

³Ten spyte van hulle vrees vir die ander bevolkingsgroepe in die land het hulle die altaar op sy oorspronklike plek opgerig en daarop brandoffers vir die Here gebring, soggens en saans.

⁴Hulle het ook die huttefees gevier soos dit voorgeskryf is en elke dag die vasgestelde hoeveelheid brandoffers gebring.

⁵Behalwe die gereelde brandoffers het hulle van toe af ook die offers by die nuwemaansfeeste en al die vasgestelde gewyde feeste van die Here gebring, en ook elkeen se vrywillige offers aan die Here.

⁶Hulle het brandoffers vir die Here begin bring op die eerste dag van die sewende maand.

Die fondamente van die tempel

Die fondamente van die tempel van die Here was nog nie gelê nie.

⁷Hulle het toe klipkappers en ander vakmanne gehuur en die Sidoniërs en Tiriërs met kos, drank en olie betaal om uit die Libanon sederhout met die see langs na Joppe toe te bring. Dit was in ooreenstemming met die vergunning van koning Kores van Persië.

⁸In die tweede jaar na hulle aankoms by die tempelterrein in Jerusalem, in die tweede maand, het Serubbabel seun van Sealtiel, Jesua seun van Josadak, en hulle helpers, die priesters, die Leviëte en almal wat uit die ballingskap na Jerusalem toe teruggekom het, met die werk begin. Hulle het die Leviëte van twintig jaar en ouer aangestel om toesig te hou oor die werk aan die huis van die Here.

⁹Jesua, sy seuns, sy ampsgenote, die Judeërs Kadmiël en sy seuns, en ook die Leviëte uit die nageslag van Genadad met hulle seuns en ampsgenote was saam in bevel van die mense wat die werk aan die tempel moes uitvoer.

¹⁰Toe die bouers die fondamente van die tempel van die Here klaar gelê het, het die priesters in ampsdrag reggestaan met trompette, en die Leviëte van die

Asafgroep met simbale, om die Here te loof soos koning Dawid van Israel bepaal het.

¹¹Hulle het die Here begin loof en dank: “Want Hy is goed, aan sy liefde vir Israel is daar geen einde nie.” Die hele volk het dit tot lof van die Here uitgejubel, want die fondamente van die huis van die Here was gelê.

¹²Baie van die oueres onder die priesters, die Leviete en die familiehoofde wat nog die eerste tempel geken het, het hardop aan die huil gegaan toe hulle sien hoe die fondamente van hierdie tempel gelê word. Baie ander het luidkeels van vreugde gejubel.

¹³Niemand kon die gehuil tussen die blye gejubel deur hoor nie, so hard het die mense gejubel. Dit kon van ver af gehoor word.

Esra 4

Teenstand teen die bou van die tempel

¹Vyande van Juda en Benjamin het gehoor dat die ballinge besig is om 'n tempel te bou vir die Here die God van Israel.

²Hulle kom toe na Serubbabel en die familiehoofde toe en sê vir hulle: “Laat ons saam met julle bou. Ons vereer dieselfde God as julle. Ons bring vir Hom offers van die tyd van koning Esarhaddon van Assirië af deur wie ons hiernatoe gebring is.”

³Maar Serubbabel en Jesua en die ander familiehoofde van Israel het vir hulle gesê: “Julle bou nie saam met ons aan die tempel van ons God nie. Ons alleen sal vir die Here die God van Israel bou. Ons het die opdrag van die koning self gekry, koning Kores van Persië.”

⁴Die nie-Israelitiese inwoners van die omgewing het toe die volk van Juda probeer moedeloos en bang maak om met die bouwerk aan te gaan.

⁵Hulle het selfs amptenare omgekoop om die bouplanne in die wiele te ry. Dit het aangehou van die tyd van koning Kores van Persië af tot die regeringstyd van koning Darius van Persië.

⁶Aan die begin van die regering van Ahasveros het hulle selfs 'n geskrewe klag teen die inwoners van Juda en Jerusalem ingedien.

⁷In die regeringstyd van koning Artasasta van Persië het Bislam saam met Mitredat, Tabeël en sy ander bondgenote 'n brief aan die koning geskrywe. Die dokument was in die Aramese skrif en in die Aramese taal.

⁸Later het die hoofamptenaar Regum en die sekretaris Simsai 'n skrywe teen Jerusalem aan koning Artasasta gerig.

⁹Die skrywe was in die naam van die hoofamptenaar Regum, die sekretaris Simsai en die res van hulle bondgenote, die regters, die goewerneurs, die amptenare uit Persië, Erek, Babel en Susan, dit is Elam,

¹⁰en die mense van die ander volke wat deur die groot en beroemde Asenappar weggevoer is en gevestig is in die stede van Samaria en in die res van Wes-Eufraat.

¹¹Hier is 'n afskrif van die brief wat hulle aan die koning gestuur het: “Aan koning Artasasta. “Van u onderdane, die mense van Wes-Eufraat.

¹²“Ons bring tot die koning se kennis dat die Judeërs wat daar van u af na ons toe getrek het, nouliks in Jerusalem aangekom het of hulle het begin om dié rebelse, slegte stad te herbou. Hulle is besig om die mure op te bou. Die fundamente is klaar gelê.

¹³Nou moet die koning daarvan kennis neem dat as hierdie stad herbou en sy mure herstel is, hulle nie belasting, heffing of tol sal betaal nie. Die koning sal skade ly aan inkomste.

¹⁴Ons het 'n plig teenoor die paleis en dit pas ons nie om toe te sien dat die koning in sy eer aangetas word nie. Daarom laat ons die koning weet

¹⁵dat as u in die annale van u voorgangers laat soek, u daar sal vind dat hierdie stad 'n rebelse stad was wat konings en provinsiale owerhede skade laat ly het. Van ouds af is daar revolusie gestook. Dit is waarom die stad verwoes is.

¹⁶Ons bring tot die koning se kennis dat as dié stad herbou en sy mure herstel word, daar vir u in Wes-Eufraat niks sal oorbly nie.”

¹⁷Die koning het soos volg geantwoord: “Aan die hoofamptenaar Regum, die sekretaris Simsai en hulle bondgenote wat in Samaria en die res van Wes-Eufraat woon: Voorspoed!

¹⁸“Die skrywe wat julle aan ons gestuur het, is vertaal en aan my voorgelees.

¹⁹Op my bevel is daar ondersoek gedoen en gevind dat daardie stad van ouds af teen konings in opstand was. Daar is voortdurend rebellie en revolusie gestook.

²⁰Magtige konings het oor Jerusalem geregeer en gesag uitgeoefen oor die hele Wes-Eufraat. Daar is belasting, heffing en tol aan hulle betaal.

²¹Gee dus opdrag dat daardie manne gekeer word. Daardie stad mag nie herbou word voor ek opdrag gee nie.

²²Sorg dat julle nie nalatig is in dié saak nie, sodat die koningshuis nie nog groter skade ly nie.”

²³Toe 'n afskrif van die brief van koning Artasasta voorgelees is aan Regum en aan die sekretaris Simsai en hulle bondgenote, is hulle haastig Jerusalem toe, na die Judeërs toe, en het hulle die werk met mag en geweld tot stilstand gebring.

Die bou van die tempel word hervat

²⁴Die werk aan die tempel in Jerusalem is gestaak, en dit het bly lê tot die tweede regeringsjaar van koning Darius van Persië.

Esra 5

¹In dié tyd het twee profete opgetree, Haggai en Sagaria seun van Iddo. Hulle het die Judeërs in Juda en Jerusalem aangespreek in die Naam van die God van Israel.

²Daarna het Serubbabel seun van Sealtiel, en Jesua seun van Josadak weer begin bou aan die tempel in Jerusalem. Die profete van God het hulle bygestaan en hulle ondersteun.

Die navraag van Tattenai en die antwoord van Darius

³Toe het goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en hulle bondgenote na die Judeërs toe gekom en vir hulle gevra: “Van wie het julle opdrag gekry om dié tempel te herbou en sy timmerasie op te sit? ”

⁴Verder wou hulle weet: “Wat is die name van die manne wat dié gebou herstel? ”

⁵Maar God het 'n oog gehou oor die Judese leiers, en die werk is toegelaat om aan te gaan tot tyd en wyl daar aan Darius verslag gedoen is en daar van hom 'n beslissing oor die saak ontvang is.

⁶Hier volg nou 'n afskrif van die brief wat goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en hulle ampsgenote, die goewerneys in Wes-Eufraat, aan koning Darius gestuur het.

⁷Hulle het aan hom verslag gedoen en soos volg geskryf: “Aan koning Darius. Alle voorspoed!

⁸“Ons bring tot die koning se kennis dat ons na die provinsie Juda toe gegaan het en daar by 'n groot tempel uitgekom het. Dit word gebou van gekapte klip en die balke word al op die mure gelê. Die werk word met ywer gedoen en vorder vinnig.

⁹Ons het toe by die mense wat die leiding neem, navraag gedoen. Ons het vir hulle gesê: ‘Van wie het julle opdrag gekry om dié tempel te bou en sy timmerasie op te sit? ’

¹⁰Ons het ook hulle name gevra om vir u inligting op skrif te stel watter manne hulle leiers is.

¹¹“Hulle het ons soos volg geantwoord: Ons is dienaars van die God van die hemel en die aarde. Ons is besig om die tempel te herbou wat vroeër baie

jare hier gestaan het. Dit is deur 'n groot koning van Israel opgerig en voltooi.

¹²Maar ons voorvaders het die toorn van die God van die hemel op hulle laat kom, en Hy het hulle oorgegee in die mag van die Galdeër koning Nebukadnesar van Babel wat die tempel verwoes het en die volk na Babel toe weggevoer het.

¹³Koning Kores van Babel het egter in sy eerste regeringsjaar opdrag gegee dat die tempel herbou moet word.

¹⁴Koning Kores het ook die goue en die silwergoed wat aan die tempel behoort en wat Nebukadnesar uit die tempel in Jerusalem verwyder en in die tempel van Babel laat sit het, weer uit die tempel in Babel laat haal en dit aan Sesbassar oorhandig, die man wat hy as goewerneur aangestel het.

¹⁵Sy opdrag aan Sesbassar was: ‘Vat hierdie goed terug na die tempel toe in Jerusalem en bou die tempel weer op sy oorspronklike plek.’

¹⁶Dié Sesbassar het toe gekom en die fondamente van die tempel in Jerusalem gelê. Van daardie tyd af tot nou toe word daar gebou, maar dit is nog nie klaar nie.

¹⁷“As die koning dit dan nou goedvind, laat ondersoek doen in die koninklike argief daar in Babel en stel vas of dit so is dat koning Kores opdrag gegee het dat hierdie tempel in Jerusalem weer gebou moet word. Laat ons dan weet wat die koning se beslissing is.”

Esra 6

¹In opdrag van koning Darius is daar toe ondersoek gedoen in die argiewe in Babel waar die dokumente gebêre word,

²en in Agmeta die hoofstad van die provinsie Medië is daar so 'n geskrif gevind. Daarin het gestaan: “Proklamasie:

³“In sy eerste regeringsjaar het koning Kores 'n bevel uitgevaardig in verband met die tempel in Jerusalem. Die tempel moet herbou word as 'n

plek waar offers gebring word. Die fondamente moet versterk word en die gebou moet dertig meter hoog en dertig meter breed wees,

⁴met telkens drie lae gekapte klip en een laag hout. Die koste moet gedra word deur die koninklike skatkis.

⁵Die goue en die silwergoed wat aan die tempel behoort en wat Nebukadnesar uit die tempel in Jerusalem verwyder en na Babel toe gebring het, moet teruggegee word. Dit moet teruggevat word na die tempel toe in Jerusalem waar dit hoort en daar in die tempel gesit word.”

⁶Koning Darius het toe soos volg laat skryf: “Aan goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en hulle ampsgenote, die goewerneys in Wes-Eufraat. “Julle moet daar wegbly.

⁷Laat die werk aan daardie tempel ongehinderd voortgaan. Laat die goewerneur van die Judeërs en hulle leiers die tempel bou waar hy moet wees.

⁸Ek gee hiermee ook opdrag wat julle moet doen om daardie Judese leiers te help met die bou van die tempel: Sonder versuim en nougeset moet die koste aan daardie manne uitbetaal word uit die koninklike fondse, die belasting van Wes-Eufraat.

⁹Wat ook al nodig is volgens die priesters in Jerusalem, moet aan hulle gegee word: jong bulle, ramme en lammers vir die offers aan die God van die hemel, koring, sout, wyn en olie. Dit moet elke dag gedoen word, sonder om oor te slaan,

¹⁰sodat hulle vir die God van die hemel offers kan bring wat vir Hom aanneemlik is en kan bid dat die lewens van die koning en sy seuns gespaar mag word.

¹¹Ek beveel verder dat enigiemand wat hierdie opdrag oortree, deurboor sal word met 'n balk wat uit sy eie huis geruk is, en dat sy huis afgebreek moet word.

¹²Mag die God wat sy Naam op daardie plek laat woon, elke koning en elke volk tot 'n val bring wat hierdie bevel oortree of 'n hand lig om daardie tempel in Jerusalem te beskadig. Ek, Darius, het opdrag gegee. Dit moet presies so uitgevoer word! ”

Die voltooiing en inwyding van die tempel

¹³Goewerneur Tattenai van Wes-Eufraat, Setar-Bosnai en hulle ampsgenote het toe gedoen presies wat koning Darius hulle beveel het.

¹⁴Die Judeese leiers het met die bouwerk aangegaan. Danksy die optrede van die profete Haggai en Sagaria seun van Iddo het hulle goed gevorder. So kon hulle die gebou klaar maak soos die God van Israel hulle dit opgedra het en soos konings Kores, Darius en Artasasta van Persië beveel het.

¹⁵Die tempel is voltooi op die derde dag van die maand Adar, in die sesde jaar van die regering van koning Darius.

¹⁶Die Israeliete, die priesters, die Leviëte en die ander wat uit die ballingskap teruggekom het, het die inwyding van die tempel met vreugde gevier.

¹⁷Hulle het met die inwyding van die tempel honderd bulle, twee honderd ramme en vier honderd lammers geoffer, en as sondeoffer vir die hele Israel ook nog twaalf bokramme, een vir elke stam van Israel.

¹⁸Hulle het die priesters ingedeel in afdelings en die Leviëte in diensgroepe vir die diens van God in Jerusalem soos dit in die boek van Moses voorgeskryf is.

Paasfees

¹⁹Die ballinge wat teruggekom het, het die paasfees gevier op die veertiende van die eerste maand.

²⁰Die priesters en die Leviëte het hulle sonder uitsondering gereinig en almal was rein. Die Leviëte het die paaslam geslag vir almal wat uit die ballingskap teruggekom het en vir hulle ampsgenote die priesters en vir hulleself.

²¹Die paaslam is geëet deur die Israeliete wat uit die ballingskap teruggekom het en deur elkeen wat hom van die onreinheid van die heidene in die land afgeskei het om die Here die God van Israel te dien.

²²Hulle het die fees van die ongesuurde brood sewe dae met vreugde gevier. Die Here het hulle dié vreugde geskenk toe Hy die gesindheid van die koning van Assirië teenoor hulle verander het, en dié hulle hande gesterk het in die werk aan die tempel van die God van Israel.

Esra 7

Esra kom op die toneel

¹Dit was ná hierdie gebeurtenisse en in die regeringstyd van koning Artasasta van Persië dat Esra op die toneel gekom het. Hy was 'n seun van Seraja, en sy afstamming is teruggevoer oor Asarja, Gilkija,

²Sallum, Sadok, Agitub,

³Amarja, Asarja, Merajot,

⁴Seragja, Ussi, Bukki,

⁵Abisua, Pinehas en Eleasar tot by die hoëpriester Aäron.

⁶Hierdie Esra het uit Babel gekom en hy was 'n geleerde man, kundig in die wet van Moses wat deur die Here die God van Israel gegee is. Omdat die Here sy hand oor Esra gehou het, het die koning hom alles gegee wat hy van hom gevra het.

⁷In die sewende regeringsjaar van koning Artasasta het Esra en 'n aantal Israeliete, priesters, Leviete, tempelsangers, poortwagte en tempelslawe na Jerusalem toe teruggegaan.

⁸Esra het in Jerusalem aangekom in die vyfde maand, in die sewende regeringsjaar van die koning.

⁹Die vertrek uit Babel was vasgestel vir die eerste van die eerste maand, en op die eerste van die vyfde maand het Esra in Jerusalem aangekom. Sy God het hom beskerm.

¹⁰Esra het hom gewy aan die wet van die Here. Hy wou dit in die praktyk toepas en Israel elke voorskrif en bepaling leer.

Die volmag van Esra

¹¹Hier volg 'n afskrif van die volmag wat koning Artasasta verleen het aan die geleerde priester Esra, wat op hoogte was van alles in verband met die gebod van die Here en met sy voorskrifte aan Israel:

¹²“Artasasta, koning oor ander konings, aan die priester Esra, die skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel.

¹³“Ek gee hiermee opdrag dat enigiemand in my ryk wat tot die volk Israel, sy priesters of sy Leviete behoort en wat wil gaan, met jou saam na Jerusalem toe kan gaan.

¹⁴Jy word deur die koning en sy sewe adviseurs afgevaardig om aan die hand van die wet van jou God waarin jy onderleg is, vas te stel hoe sake in Juda en Jerusalem staan.

¹⁵Jy moet ook die silwer en die goud wegbring wat die koning en sy adviseurs as 'n vrywillige gawe gee aan die God van Israel wat sy woning in Jerusalem het.

¹⁶Verder moet jy al die silwer en die goud saamneem wat jy dwarsoor die provinsie Babel kan bekom, en ook die vrywillige gawes wat die volk en die priesters vir die tempel van hulle God in Jerusalem gee.

¹⁷Van dié geld moet jy met oorleg gebruik om bulle, ramme en lammers te koop, met die bybehorende graan- en drankoffers, en dan moet jy dit op die altaar van die tempel van julle God in Jerusalem offer.

¹⁸Die silwer en die goud wat oorbly, moet jy gebruik soos jy en jou ampsgenote dit goedvind volgens die wil van julle God.

¹⁹Die goed wat vir gebruik in die tempel van jou God bestem en aan jou oorhandig is, moet jy as geskenk aan God in Jerusalem gaan gee.

²⁰Enigiets anders wat vir die tempel van jou God nodig mag wees, en wat jy moet voorsien, mag jy uit die koninklike skatkis vat.

²¹“Ek, koning Artasasta, beveel al die beamptes in beheer van die skatkis in Wes-Eufraat: Alles wat die priester Esra, skrifgeleerde in die wet van die God van die hemel, van julle vra, moet julle dadelik lewer,

²²tot soveel as drie en 'n half ton silwer, sestien en 'n half ton koring, twee duisend twee honderd liter wyn, net soveel olie, en soveel sout as wat nodig is.

²³Wat die God van die hemel ook al vir sy tempel vereis, moet met toewyding gedoen word, sodat sy toorn nie oor die ryk van die koning en sy seuns kom nie.

²⁴Neem ook kennis dat julle nie gemagtig is om belasting, heffing of tol te eis van enige priester, Leviet, tempelsanger, poortwag, tempelslaaf of enigeen wat in die tempel van hierdie God werk nie.

²⁵“Jy, Esra, moet volgens die wysheid waarom jy beskik soos dit jou deur jou God gegee word, regeerders en regters aanstel wat die regspraak kan behartig vir al die mense in Wes-Eufraat, vir almal wat die wet van jou God ken. Vir dié wat dit nie ken nie, moet julle dit leer.

²⁶Enigeen wat hom nie hou aan die wet van jou God en die wet van die koning nie, moet streng gestraf word, met die dood of met verbanning of met 'n boete of met gevangenisstraf.”

²⁷Esra het toe gesê: “Geloof sy die Here, die God van ons voorvaders! Hy het die koning die besluit laat neem om die tempel in Jerusalem so goed toe te rus,

²⁸en Hy het my die goedgesindheid van die koning, van sy adviseurs en van al sy magtige amptenare laat geniet. Ek was vol moed. Die Here my God het sy hand oor my gehou. Ek het toe die leiers onder die Israeliete bymekaar laat kom om saam met my te trek.”

Esra 8

Die mense wat saam met Esra terugkeer het

¹Die volgende familiehoofde het saam met my uit Babel vertrek tydens die regering van koning Artasasta. Hulle afstamming word ook aangegee:

- ²Gersom uit die nageslag van Pinehas; Daniël uit die nageslag van Itamar; Gattus seun van Sekanja uit die nageslag van Dawid;
- ³Sagaria uit die nageslag van Paros, en saam met hom 150 man wat in die register opgeneem was;
- ⁴Eljehoënai seun van Seragja uit die nageslag van Pagat-Moab, en saam met hom 200 man;
- ⁵Sekanja seun van Jagasiël uit die nageslag van Sattu, en saam met hom 300 man;
- ⁶Ebed seun van Jonatan uit die nageslag van Adin, en saam met hom 50 man;
- ⁷Jesaja seun van Atalia uit die nageslag van Elam, en saam met hom 70 man;
- ⁸Sebadja seun van Migael uit die nageslag van Sefatja, en saam met hom 80 man;
- ⁹Obadja seun van Jegiël uit die nageslag van Joab, en saam met hom 218 man;
- ¹⁰Selomit seun van Josifja uit die nageslag van Bani, en saam met hom 160 man;
- ¹¹Sagaria seun van Bebai uit die nageslag van Bebai, en saam met hom 28 man;
- ¹²Joganan seun van Katan uit die nageslag van Asgad, en saam met hom 110 man;
- ¹³dié uit die nageslag van Adonika was van die laastes; hulle was Elifelet, Jeïel en Semaja, en daar was 60 man saam met hulle;
- ¹⁴verder was daar Utai en Sabud uit die nageslag van Bigwai, en saam met hulle 70 man.

Esra laat Leviëte werf om saam te gaan

- ¹⁵Ek het hulle laat bymekaarkom by die rivier wat by Ahawa verby loop. Ons het daar drie dae gekampeer, en ek het vasgestel dat daar priesters onder die mense was, maar ek kon geen Leviëte vind nie.

¹⁶Ek het toe vir Eliëser, Ariël, Semaja, Elnatan, Jarib, Elnatan, Natan, Sagaria en Mesullam laat roep, almal leiers, en ook vir Jojarib en Elnatan, twee verstandige manne.

¹⁷Ek het hulle na Iddo, die leier in Kasifja, toe gestuur, en hulle gesê wat om vir Iddo en sy ampsgenote en vir die tempelslawe in Kasifja te sê sodat Iddo-hulle mense vir ons kon stuur wat in die tempel van ons God kon diens doen.

¹⁸Deur die goeie beskikking van ons God het hulle toe ook vir ons 'n verstandige man gestuur uit die nageslag van Magli seun van Levi, seun van Israel. Dit was Serebja, met sy seuns en sy ampsgenote, agtien altesaam.

¹⁹Verder het hulle ook vir Gasabja gestuur en saam met hom Jesaja uit die nageslag van Merari, met sy ampsgenote en hulle seuns, twintig altesaam.

²⁰Van die tempelslawe wat nog deur Dawid en sy amptenare geskenk is om die Leviëte van diens te wees, het daar twee honderd en twintig man gekom. Almal se name is opgeteken.

Esra en sy geselskap gaan terug

²¹Ek het daar by die Ahawarivier 'n vasdag uitgeroep om ons voor ons God te verootmoedig en Hom te bid om 'n voorspoedige reis vir onself, ons afhanklikes en al wat ons besit het.

²²Ek was skaam om vir die koning soldate en ruiters te vra om ons teen vyande langs die pad te help. Ons het vir die koning gesê ons God sorg goed vir almal wat Hom dien en Hy straf almal swaar wat Hom verlaat.

²³Ons het dus gevas en die hulp van ons God gevra vir die onderneming, en Hy het ons gebede verhoor.

²⁴Daarna het ek twaalf van die priesters se leiers uitgesoek, Serebja en Gasabja en tien van hulle ampsgenote saam met hulle,

²⁵en toe die silwer en die goud en die tempelgereedskap volgens gewig onder hulle verdeel. Dit was die wydingsgeskenke vir die tempel van ons God wat geskenk is deur die koning en sy adviseurs en amptenare en deur al die Israeliete wat hulle nog in ballingskap bevind het.

²⁶Ek het alles geweeg en aan hulle oorhandig: twee en twintig ton silwer, honderd stukke silwerware met 'n gesamentlike gewig van ag en sestig kilogram, drie en 'n half ton goud,

²⁷twintig komme van goud met 'n gesamentlike gewig van ag en 'n half kilogram, en twee stukke van fyn gepoleerde brons, so kosbaar soos goud.

²⁸Daarna het ek vir die twaalf priesters gesê: “Julle is aan die Here gewy, hierdie goed is ook aan Hom gewy. Die silwer en die goud is vrywillige gawes aan die Here die God van julle voorvaders.

²⁹Wees wakker, pas dit op totdat julle dit uitweeg voor die hoofde van die priesters en die Leviete en voor die familiehoofde van Israel in Jerusalem binne in die tempelvertrekke.”

³⁰Die priesters en die Leviete het toe die silwer, die goud en die tempelgereedskap wat afgeweeg is, in ontvangs geneem om dit na Jerusalem toe te vat, na die tempel van ons God toe.

³¹Ons het van die Ahawarivier af vertrek op die twaalfde van die eerste maand, op pad Jerusalem toe. Ons God het sy hand oor ons gehou en ons nie in die mag laat val van vyande en rowers langs die pad nie.

³²Ons het in Jerusalem aangekom en daar drie dae gerus.

³³Die vierde dag het ons die silwer en die goud en die tempelgereedskap gaan weeg in die tempel van ons God en dit aan die priester Meremot seun van Urija oorhandig in die teenwoordigheid van Eleasar seun van Pinehas. Die Leviete Josabad seun van Jesua, en Noadja seun van Binnui was by hulle.

³⁴Alles was daar en die gewig was reg, en die gewig is dié dag noukeurig opgeskryf.

³⁵Die mense wat uit die ballingskap teruggekom het, het toe aan die God van Israel brandoffers gebring: twaalf bulle vir die hele Israel, ses en negentig ramme, sewe en sewentig lammers en twaalf bokke as 'n sondeooffer. Alles was brandoffers aan die Here.

³⁶Die opdragte van die koning is aan die gevolmagtigde verteenwoordigers van die koning en aan die goewerneys van Wes-Eufraat oorhandig, en hulle het van toe af bystand verleen aan die volk en aan die tempel.

Esra 9

Die verootmoediging en gebed van Esra

¹Nadat dié dinge gedoen is, het die leiers van die gemeente vir my kom sê: “Die mense van Israel en die priesters en die Leviëte het hulle nie afgesonder van die nie-Joodse bevolking met sy afskuwelike gebruike nie, en dié is nog dieselfde as dié van die Kanaäniete, Hetiëte, Feresiëte, Jebusiëte, Ammoniëte, Moabiëte, Egiptenaars en Amoriëte.

²Ons mense en hulle seuns het getrou met nie-Joodse vrouens; hulle het hierdie volk hom laat vermeng met heidene. Leiers en ampsdraers het die voortou geneem in dié trouelose optrede.”

³Toe ek dit hoor, het ek my klere geskeur, my hare en my baard uitgetrek en verslae gaan sit.

⁴Almal wat by die gedagte aan die opdragte van die God van Israel vreesbevange was oor dié troueloosheid van die mense uit die ballingskap, het by my kom staan. Ek het maar net verslae daar gesit, tot die tyd van die aandoffer toe.

⁵Maar teen die tyd van die aandoffer het ek daar opgestaan waar ek my met my geskeurde klere verootmoedig het, op my knieë geval en my hande in gebed uitgestrek na die Here my God.

⁶Ek het gebid: “My God, ek is te skaam, ek het nie die vrymoedigheid om my kop voor U op te tel nie. Ons sonde is hoog opgestapel, ons misdade staan hemelhoog.

⁷Van die tyd van ons voorvaders af tot vandag toe is ons bestaan vol oortredings teen U. Dit was deur ons sondes dat ons, ons konings en ons priesters in die mag van heidenkonings oorgegee is. Ons is doodgemaak, gevange geneem, geplunder; smaad het oor ons gekom en dit is nou nog daar.

⁸“Nou, 'n kort oomblikkie, het daar vir ons genade gekom van die Here ons God. Hy het die klompie van ons laat vrykom en ons hier in sy heilige plek vastigheid gegee. Ons God het ons weer laat lewe, ons 'n oomblik laat asem skep na ons slawerny.

⁹“Ons was slawe, maar ons God het ons nie slawe laat bly nie. Hy het die Persiese konings goedgesind gemaak teenoor ons, en hulle het ons die kans gegee: ons kon die tempel van ons God opbou, ons kon hom uit sy ruïnes laat herrys, ons het 'n toevlug gekry hier in Juda en Jerusalem.

¹⁰“Maar wat kan ons nou sê, ons God, na dié dinge? Ons het u gebooie oortree.

¹¹U het ons deur u dienaars, die profete, beveel: Die land wat julle in besit gaan neem, is 'n onrein land. Die heidennasies het dit onrein gemaak. Hulle het dit van kant tot kant besmet met hulle afskuwelike, onrein optrede.

¹²Moenie julle dogters vir hulle seuns gee nie, moenie hulle dogters met julle seuns laat trou nie. Moet die heidennasies nooit vrede of voorspoed gun nie. Dan sal julle sterk staan en die goeie van die land geniet en dit as 'n blywende besitting aan julle kinders oordra.

¹³“Wat oor ons gekom het, het gekom deur ons slegte daade en ons baie oortredings teen U. Ons God, U was spaarsaam met die straf op ons sonde, U het van ons laat oorbly.

¹⁴En na alles wat oor ons gekom het, kom ons en steur ons ons weer nie aan u gebooie nie! Ons ondertrou met hierdie nasies wat so afskuwelik leef! Moet u toorn ons dan nie heeltemal vernietig nie, sodat niemand oorbly, niemand vrykom nie?

¹⁵“Here God van Israel, U is regverdig. U het die klompie van ons laat vrykom, so soos dit vandag is. Hier is ons voor U met ons oortredings, maar so kan niemand voor U staan nie.”

Esra 10

Die vreemde vrouens word weggestuur

¹Terwyl Esra voor die tempel gekniel en gebed en belydenis gedoen het, het 'n groot aantal Israëliete rondom hom kom staan, mans, vrouens en kinders. Hy het gehuil en die mense het ook hard gehuil.

²Sekanja seun van Jegiël, uit die nageslag van Elam, het toe begin praat. Hy het vir Esra gesê: “Ons het troueloos gehandel teen ons God, ons het met vreemde vroue getrou, vroue uit die heidennasies. Tog is daar nog hoop vir Israel.

³Kom ons maak 'n plegtige onderneming teenoor ons God dat ons al dié vrouens en hulle kinders sal wegstuur. Laat ons doen wat u en dié wat vir die gebod van ons God eerbied het, ons aanraai in ooreenstemming met die wet.

⁴Die saak is in u hande. Ons ondersteun u. Staan op, pak dit aan en doen dit.”

⁵Esra het toe opgestaan en die leiers van die priesters en die Leviete en ook die hele Israel 'n eed laat aflê dat hulle dit sou doen. Hulle het die eed afgelê,

⁶en Esra is toe van die tempel af na die kamer van Joganan seun van Eljasib toe. Hy het daarheen gegaan maar niks geëet of gedrink nie, want hy was besig om te rou oor die troueloosheid van die ballinge wat teruggekom het.

⁷Al hierdie ballinge in Juda en Jerusalem is toe opgeroep vir 'n byeenkoms in Jerusalem.

⁸Die ampsdraers en die leiers het besluit dat al die besittings van enigiemand wat nie binne drie dae daar was nie, gekonfiskeer sou word en dat hy self afgesny sou word van die gemeente van ballinge wat teruggekom het.

⁹Die manne van Juda en Benjamin het almal binne die drie dae in Jerusalem bymekaargekom. In die negende maand, op die twintigste van die maand, was al die mense op die tempelplein. Dit het gereën, en hulle het gebewe van die koue, maar ook van die spanning.

¹⁰Toe staan die priester Esra op en sê vir hulle: “Julle het troueloos opgetree. Julle het met vreemde vrouens getrou en daardeur die oortredings van Israel teen God nog meer gemaak.

¹¹Doen belydenis voor die Here die God van julle voorvaders en doen wat Hy wil hê: skei julle af van die heidennasies en die vreemde vrouens.”

¹²Die gemeente het eenparig hardop geantwoord: “Alles wat u sê, moet ons doen.

¹³Maar ons is baie mense, en dit is reëntyd. Ons kan nie hier onder die blote hemel bly staan nie. Dit is nie 'n werk van een of twee dae nie, want baie van ons het dié sonde begaan.

¹⁴Laat ons leiers namens die hele gemeente optree. Dan kan elkeen wat met 'n vreemde vrou getroud is, op 'n vasgestelde tyd uit ons stede kom saam met die gesagsdraers en die regters van die betrokke stad en die saak afhandel. So kan ons dan die toorn van ons God van ons af wegkeer.”

¹⁵Net Jonatan seun van Asael, en Jagseja seun van Tikwa, gesteun deur Mesullam en die Leviet Sabbetai, was teen die gedagte.

¹⁶Die ballinge wat teruggekom het, het die plan aanvaar. Die priester Esra het manne by die naam aangewys, die hoofde van al die families. Hulle het op die eerste dag van die tiende maand sitting geneem vir die ondersoek

¹⁷en het al die sake van die manne wat met vreemde vrouens getrou het, afgehandel gehad op die eerste dag van die eerste maand.

¹⁸Daar is gevind dat die volgende priesters met vreemde vrouens getroud is: Uit die familie van Jesua seun van Josadak en sy ampsgenote was daar Maäseja, Eliëser, Jarib en Gedalja;

¹⁹hulle het onderneem om van hulle vrouens te skei en het 'n ram as versoeningsoffer vir hulle misdaad teen God geoffer.

²⁰Uit die familie van Immer was daar Ganani en Sebadja.

²¹Uit die familie van Garim was daar Maäseja, Elia, Semaja, Jegiël en Usija.

²²Uit die familie van Pasgur was daar Eljoënai, Maäseja, Ismael, Netanel, Josabad en Elasa.

- ²³Uit die Leviete was daar Josabad, Simeï, Kelaja, ook Kelita genoem, Petagja, Juda en Eliëser.
- ²⁴Uit die sangers was daar Eljasib, en uit die poortwagte Sallum, Telem en Uri.
- ²⁵Verder was daar die volgende Israeliete: uit die Parosfamilie: Ramja, Jissija, Malkija, Mijamin, Eleasar, Malkija en Benaja;
- ²⁶uit die Elamfamilie: Mattanja, Sagaria, Jegiël, Abdi, Jeremot en Elia;
- ²⁷uit die Sattufamilie: Eljoënai, Eljasib, Mattanja, Jeremot, Sabad en Asisa;
- ²⁸uit die Bebaifamilie: Joganan, Gananja, Sabbai en Atlai;
- ²⁹uit die Banifamilie: Mesullam, Malluk, Adaja, Jasub en Seal-Jeremot;
- ³⁰uit die Pagat-Moabfamilie: Adna, Kelal, Benaja, Maäseja, Mattanja, Besaleël, Binnui en Manasse;
- ³¹uit die Garimfamilie: Eliëser, Jissija, Malkija, Semaja, Simon,
- ³²Benjamin, Malluk en Semarja;
- ³³uit die Gasumfamilie: Mattenai, Mattatta, Sabad, Elifelet, Jeremai, Manasse en Simi;
- ³⁴uit die Banifamilie: Maädai, Amram, Uel,
- ³⁵Benaja, Bedja, Keluhi,
- ³⁶Wanja, Meremot, Eljasib,
- ³⁷Mattanja, Mattenai en Jaäsai;
- ³⁸uit die Binnuifamilie: Simi,
- ³⁹Selemja, Natan, Adaja,
- ⁴⁰Maknadbai, Sasai, Sarai,
- ⁴¹Asarel, Selemja, Semarja,
- ⁴²Sallum, Amarja en Josef;
- ⁴³uit die Nebofamilie: Jeïel, Mattitja, Sabad, Sebina, Jaddai, Joël en Benaja.

⁴⁴Al dié mense was met vreemde vrouens getroud, maar hulle het van die vrouens geskei en hulle kinders saam weggestuur.

Nehemia

Nehemia 1

Nehemia kry berig oor Jerusalem

¹Die verhaal van Nehemia seun van Gakalja. Dit was in die maand Kislef, die twintigste jaar. Ek was in die vestingstad Susan.

²Ganani, een van my medeamptenare, het daar aangekom uit Juda, hy en 'n paar ander manne. Ek het by hulle navraag gedoen oor die Judeërs wat uit die ballingskap vrygelaat is en teruggegaan het, en oor Jerusalem,

³en hulle het vir my gesê: “Die ballinge wat teruggegaan het, beleef daar in die provinsie Juda groot ellende en smaad. Die muur van Jerusalem lê om, en die stadspoorte is verbrand.”

Die gebed van Nehemia

⁴By die aanhoor van dié woorde het ek gaan sit en gehuil en dae lank getreur. Ek het gevas en tot die God van die hemel gebid.

⁵Ek het gesê: “Ag, Here, God van die hemel, groot en ontsagwekkende God wat u verbond en u troue liefde handhaaf teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam,

⁶luister tog, gee tog ag op die gebed wat ek, u dienaar, sonder ophou tot U bid. “Ek bid vir u dienaars, die Israeliete, ek doen belydenis van die sondes wat ons teen U begaan het. Ook ek en my familie het gesondig.

⁷Ons het U nie geëer nie, ons was ongehoorsaam aan die gebooie, die voorskrifte, die bepalings wat U aan u dienaar Moses gegee het.

⁸“Dink tog aan die belofte wat U aan u dienaar Moses gemaak het: ‘As julle ontrou is, sal Ek julle onder die volke verstrooi,

⁹maar as julle julle tot My bekeer en my gebooie gehoorsaam en nakom, sal Ek julle weer bymekaarmaak, al is julle oor die hele aarde versprei. Ek sal julle terugbring na die plek toe wat Ek gekies het om my Naam daar te laat woon.’

¹⁰“Hulle is u dienaars, u volk vir wie U met u groot mag en krag gered het.

¹¹Ag, Here, luister tog na die gebed van u dienaar en na die gebed van u dienaars, hulle vir wie dit 'n vreugde is om u Naam te eer. Laat my tog voorspoedig wees met wat ek vandag wil doen. Laat hierdie man my simpatiek gesind wees.” Ek was die koning se skinker.

Nehemia 2

Nehemia kry toestemming om Jerusalem te herbou

¹Dit was in die maand Nisan, die twintigste jaar van koning Artasasta. Die wyn was voor hom, en ek moes dit optel en aan hom gee. Ek was nooit bedruk voor hom nie,

²maar dié dag sê die koning vir my: “Hoekom lyk jy so bedruk? Is jy dalk siek? Nie? Hartseer dan? ” Ek was baie bang,

³maar ek het vir die koning gesê: “Mag die koning baie lank lewe! Hoe sal ek dan nie bedruk lyk as die stad waar my voorvaders begrawe is, in puin lê en sy poorte verbrand is nie? ”

⁴Toe sê die koning vir my: “Is daar iets wat jy my wil vra? ” Ek het 'n skietgebed opgestuur na die God van die hemel

⁵en toe vir die koning gesê: “As die koning dit goedvind, as u dienaar op u goedgesindheid mag reken, stuur my na Juda toe, na die stad waar my voorvaders begrawe is, sodat ek die stad kan herbou.”

⁶Die koningin het langs die koning gesit. Hy het vir my gevra: “Hoe lank sal jou reis duur en wanneer sal jy terug wees? ” Hy was die saak dus goedgesind, hy het my die opdrag gegee. Ek het vir hom 'n tyd aangedui

⁷en toe vir hom gevra: “As die koning dit goedvind, laat ek briewe kry aan die goewerneurs in Wes-Eufraat, sodat hulle my vrye deurgang kan gee tot ek in Juda aankom.

⁸Ek het ook 'n brief aan Asaf nodig, die opsigter oor die staatsbos, dat hy my kan voorsien van hout om die poorte van die vesting by die tempel te maak, en vir die stadsmuur en vir die huis wat ek sal bewoon.” My God het sy goeie hand oor my gehou, en die koning het my versoek toegestaan.

⁹Ek het by die goewerneurs in Wes-Eufraat gekom en die briewe van die koning aan hulle oorhandig. Die koning het offisiere en ruiters met my saamgestuur.

¹⁰Toe Sanballat die Goroniet en Tobija die Ammonitiese amptenaar dit hoor, was dit vir hulle slegte nuus. Hulle het dit as 'n groot ramp beskou dat daar iemand gekom het wat iets goeds vir die Israeliete wou doen.

Die besluit om die muur te herstel

¹¹Ek het in Jerusalem aangekom, en na ek drie dae daar was,

¹²is ek die nag stilletjies uit met 'n paar man by my. Ek het vir niemand gesê wat my God my in die hart gegee het om vir Jerusalem te doen nie. Behalwe my rydier het ek geen diere by my gehad nie.

¹³Ek is dié nag deur die Dalpoort na die Jakkalsfontein en die Vullispoort toe en het die mure van Jerusalem nagegaan waar hulle afgebreek was en ook die poorte wat verbrand was.

¹⁴Toe ek by die Fonteinpoort en die Koningsdam kom, was daar nie plek vir my rydier om verby te kom nie,

¹⁵en moes ek in die nag met die vallei op boontoe sodat ek die muur kon nagaan. Daarna het ek omgedraai en is ek weer deur die Dalpoort en terug huis toe.

¹⁶Die ampsdraers het nie geweet waarheen ek was en wat ek gedoen het nie. Tot dusver het ek niks laat blyk teenoor die Judeërs, die priesters, die vooraanstaande burgers, die ampsdraers of die ander wat die werk moes doen nie.

¹⁷Maar toe sê ek vir hulle: “Julle sien self die benarde toestand waarin ons sit. Jerusalem lê in puin en sy poorte is verbrand. Kom ons herbou die muur van Jerusalem, dat dié vernedering nie langer op ons rus nie.”

¹⁸Ek het hulle toe vertel hoe my God sy goeie hand oor my gehou het en wat die koning vir my gesê het. Hulle het gesê: “Kom ons bou!” en hulle het die goeie werk aangepak.

¹⁹Maar toe Sanballat die Goroniet, Tobija die Ammonitiese amptenaar en Gesem die Arabier hoor wat ons doen, het hulle ons uitgelag en smalend gevra: “Wat vir 'n ding is dit waarmee julle besig is? Wil julle in opstand kom teen die koning? ”

²⁰Ek het hulle geantwoord en vir hulle gesê: “Die God van die hemel sal ons laat slaag in wat ons doen. Ons, sy dienaars, gaan bou. Julle het nóg aandeel nóg reg in Jerusalem, en geen historiese band met hom nie.”

Nehemia 3

Die bouwerk begin

¹Die hoëpriester Eljasib en sy ampsgenote die priesters het begin en die Skaappoort gebou. Hulle het die poort gewy en sy deure ingesit. Daarna het hulle gebou tot by die Toring-van-die-Honderd, dit gewy en toe verder gebou tot by die Gananeltoring.

²Die manne van Jerigo het die volgende stuk gebou en Sakkur seun van Imri die volgende.

³Die Senaäfamilie het die Vispoort gebou. Hulle het die houtwerk klaar gemaak en die deure, die skarniere en die sluitbalke ingesit.

⁴Meremot seun van Urija, seun van Kos, het die volgende stuk herstel, Mesullam seun van Berekja, seun van Mesesabel, die volgende, en Sadok seun van Baäna die volgende.

⁵Die volgende stuk is herstel deur die mense van Tekoa, maar hulle vooraanstaande mense was nie gewillig om swaar werk te doen vir hulle Here nie.

⁶Jojada seun van Paseag, en Mesullam seun van Besodja het die Ou Poort herstel. Hulle het die houtwerk klaar gemaak en die deure, die skarniere en die sluitbalke ingesit.

⁷Die volgende stuk is herstel deur Melatja van Gibeon en Jadon van Meronot, en deur die manne van Gibeon en Mispa wat in diens was van die goewerneur van Wes-Eufraat.

⁸Ussiël seun van Garhaja, en die smede het die volgende stuk herstel, en Gananja, een van die salfmengers, die volgende. Hulle het buite om Jerusalem gebou tot by die Breë Muur.

⁹Refaja, seun van Gur en gesagvoerder oor 'n halwe stadswyk van Jerusalem, het die volgende stuk herstel,

¹⁰en Jedaja seun van Garumaf die volgende, tot regoor sy huis. Die volgende stuk is herstel deur Gattus seun van Gasabneja.

¹¹'n Volgende deel, tot by die Bakoondtoring, is herstel deur Malkija seun van Garim, en Gassub seun van Pagat-Moab.

¹²Sallum, seun van Loges en gesagvoerder oor 'n halwe stadswyk van Jerusalem, het die volgende stuk gebou, hy en sy dogters.

¹³Die Dalpoort is herstel deur Ganun en die inwoners van Sanoag. Hulle het die poort herbou, sy deure, skarniere en sluitbalke ingesit, en die stuk muur van vier honderd en vyftig meter tot by die Vullispoort gebou.

¹⁴Die Vullispoort self is herstel deur Malkija, seun van Rekab en gesagvoerder oor die stadswyk Bet-Kerem. Hy het die poort herbou en die deure, skarniere en sluitbalke ingesit.

¹⁵Die Fonteinpoort is herstel deur Sallun, seun van Kol-Gose en gesagvoerder van die stadswyk Mispa. Hy het die poort herbou, die dak opgesit en die deure, skarniere en sluitbalke ingesit, en verder ook die muur van die Kanaaldam herbou, van die Koningstuin af tot by die trappe wat uit die Dawidstad afkom.

¹⁶Nehemia, seun van Asbuk en gesagvoerder oor die halwe stadswyk Bet-Sur, het die volgende stuk herstel, tot regoor die Dawidsgrafte en tot by die gemesselde dam en die kwartiere van die lyfwag.

¹⁷Die volgende stuk is herstel deur die Leviëte, die eerste deur Regum seun van Bani, en die ander deel deur Gasabja, die gesagvoerder oor die halwe stadswyk Keïla, namens sy wyk.

- ¹⁸Die volgende stuk is herstel deur hulle ampsgenote, die eerste deur Binnui, seun van Genadad en gesagvoerder oor die ander helfte van die stadswyk Keila,
- ¹⁹en die ander deel deur Eser, seun van Jesua en gesagvoerder oor Mispa. Dit was die deel van regoor die ingang van die wapenkamer af tot by die draai in die muur.
- ²⁰Die volgende deel is herstel deur Baruk seun van Sabbai, van die draai af tot by die ingang na die hoëpriester Eljasib se huis.
- ²¹Die volgende stuk, van die ingang na Eljasib se huis af tot aan die anderkant van die huis, is herstel deur Meremot seun van Urija, seun van Kos.
- ²²'n Volgende stuk is deur die priesters herstel, die eerste deur die manne van die omliggende gebied,
- ²³die tweede deel deur Benjamin en Gassub, regoor hulle huise, die derde deel deur Asarja seun van Maäseja, seun van Ananeja, reg voor sy huis.
- ²⁴Die volgende stuk, die deel van Asarja se huis af tot by die draai en verder tot in die hoek, is herstel deur Binnui seun van Genadad.
- ²⁵Palal seun van Usai het die stuk herstel van regoor die draai af, en ook die toring teen die boonste paleis by die Wagplein. Die volgende stuk is herstel deur Pedaja seun van Paros,
- ²⁶en die tempelslawe wat op die Ofel gewoon het. Dit was die gedeelte tot regoor die Waterpoort aan die oostekant en die aangeboude toring.
- ²⁷Die volgende deel, die stuk van regoor die groot aangeboude toring af tot by die Ofelmuur, is herstel deur die mense van Tekoa.
- ²⁸Die stuk van bokant die Perdepoort af is deur die priesters herstel, elkeen die gedeelte regoor sy huis.
- ²⁹Sadok seun van Immer het die volgende stuk, dié regoor sy huis, herstel, en Semaja, seun van Sekanja en opsigter van die Oospoort, die volgende stuk.

³⁰Die volgende deel is herstel deur Gananja seun van Selemja, en Ganun die sesde seun van Salaf, en die volgende deur Mesullam seun van Berekja tot regoor sy kamer.

³¹Malkija, een van die smede, het die volgende stuk herstel, tot by die kwartiere van die tempelslawe en die handelaars, regoor die Inspeksiepoort en verder tot by die kamer bo-op die hoek.

³²Tussen die kamer op die hoek en die Skaappoort het die smede en die handelaars die herstelwerk gedoen.

Nehemia 4

Pogings om die bouwerk tot stilstand te bring

¹Toe Sanballat hoor ons bou die muur, was hy woedend. Hy het met groot ergernis smalend teen die Judeërs uitgevaar

²en vir sy medeamptenare en vir die soldate in Samaria gesê: “Waarmee is die arme Judeërs besig? Wil hulle vir hulle 'n stadsmuur bou? Wil hulle offerandes bring en in een dag klaarmaak? Wil hulle die klippe laat herleef uit daardie hope stof en as? ”

³Tobija die Ammoniet het langs Sanballat gestaan en hy het gesê: “Laat hulle bou! Daardie klipmuur van hulle sal omval as 'n jakkals daarteen spring! ”

⁴Hoor dit, ons God! Ons word bespotlik gemaak! Laat dié smaad op hulle eie kop afkom, laat hulle gevangenes word in 'n land van ballingskap!

⁵Moenie hulle oortreding vergewe nie, moenie dat hulle sonde ooit voor U uitgewis word nie! Hulle het die bouers beledig!

⁶Ons het bly bou aan die muur. Die hele muur was al halfpad opgebou. Die mense se hart was in die werk.

⁷Sanballat, Tobija, die Arabiere, die Ammoniete en die mense van Asdod was hewig ontsteld toe hulle hoor die herstel aan Jerusalem se mure vorder en die afgebreekte gedeeltes is byna klaar opgebou.

⁸Hulle het saamgesweer om Jerusalem te kom aanval en verwarring te stig.

- ⁹Ons het tot ons God gebid en dag en nag wagte teen hulle uitgesit.
- ¹⁰Die Judeërs het begin kla: “Die draers se kragte gee in, die puin is te veel. Ons gaan dit nie regkry om die muur klaar te bou nie.”
- ¹¹Ons teenstanders het gedink: hulle sal niks weet of sien voor ons tussen hulle is en hulle doodmaak en die werk tot stilstand bring nie.
- ¹²Ons is egter keer op keer gewaarsku deur Judeërs wat naby ons vyande gewoon het en van oral af na ons toe gekom het.
- ¹³Ek het die volk, gewapen met swaarde, spiese en pyle en boë, familiegewys ingedeel en hulle stelling laat inneem agter die muur onderkant elke plek waar die muur nog nie hoog genoeg was nie.
- ¹⁴Daarna, toe ek agterkom dit is nodig, het ek die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk toegesprek: “Moenie vir hulle bang wees nie. Dink aan die Here, groot en ontsagwekkend, en veg vir julle broers, julle seuns en julle dogters, julle vrouens en julle huise.”
- ¹⁵Ons vyande het gehoor dat ons van hulle planne weet en dat God dit verydel het, en ons kon almal teruggaan muur toe, elkeen na sy werk toe.
- ¹⁶Van daardie dag af was een helfte van my manne aan die werk en het die ander helfte die spiese, skilde, pyle en boë en harnasse gereed gehou. Die gesagvoerders het plek ingeneem agter elke familiegroep Judeërs
- ¹⁷wat aan die muur gebou het. Dié wat boumateriaal moes aandra, het met een hand die werk gedoen en met die ander hand 'n wapen vasgehou.
- ¹⁸Die bouers het elkeen sy swaard om die heupe vasgegorde gehad. Die ramshoringblaser het naby my gebly.
- ¹⁹Ek het vir die vooraanstaande burgers, die ampsdraers en die res van die volk gesê: “Die werk is groot en uitgestrek, en ons is oor die hele muur uitgesprei, elkeen ver van die naaste man af.
- ²⁰Waar julle ook al die ramshoring hoor blaas, daar moet julle by ons saamtrek. Ons God sal vir ons die stryd voer.”

²¹Ons het met die werk aangegaan, die helfte van die manne met spiese in die hand, van dagbreek af tot die sterre uitgekom het.

²²Ek het dié tyd ook vir die volk gesê: “Elke man met sy handlanger moet in Jerusalem oornag, sodat hulle snags vir wagdiens en bedags vir die werk beskikbaar is.”

²³Nie ek of my medeamptenare of my dienaars of die wagte by my het kans gekry om ons klere uit te trek nie en selfs by die water het ons ons wapens gereed gehou.

Nehemia 5

Hulp aan dié wat uitgebuit is

¹Sekere mense en hulle vrouens het 'n ernstige klag teen hulle Judese volksgenote ingebring.

²Party het gesê: “Ons, ons seuns en ons dogters is baie. Ons moet koring in die hande kry om te eet en te lewe.”

³Party het gesê: “Ons moes vanweë die hongersnood ons lande, ons wingerde en ons huise verpand om koring in die hande te kry.”

⁴Party het gesê: “Ons moes geld leen om aan die koning die belasting op ons lande en ons wingerde te betaal.

⁵Ons en ons volksgenote, hulle seuns en ons seuns, is tog één, maar óns moet van ons seuns en ons dogters laat slawe word. Van ons dogters is al klaar slawe, en ons kan daar niks aan doen nie, want ons lande en ons wingerde is in ander se hande.”

⁶Ek was hewig ontsteld toe ek dié klag en dié beskuldigings hoor.

⁷Na ek dit oorweeg het, het ek die skuld op die vooraanstaande burgers en die ampsdraers gelê en vir hulle gesê: “Julle is besig om julle volksgenote uit te buit! ” Ek het bowendien 'n groot volksvergadering belê om hulle aan die man te bring

⁸en daar vir hulle gesê: “Ons het ons Judeese volksgenote wat aan heidene verkoop was, teruggekoop sover dit vir ons moontlik was. Nou verkoop julle julle volksgenote, en moet ons hulle ook uiteindelik terugkoop! ” Die manne het stilgebly; ek kon nie 'n woord uit hulle kry nie.

⁹Toe sê ek verder: “Dit is nie 'n goeie ding wat julle besig is om te doen nie. Julle moet tog eerbied vir ons God hê in julle optrede en nie ons vyande, die heidene, minagting vir ons laat kry nie!

¹⁰Ek, my medeamptenare en my helpers moes ook aan dié mense geld en koring leen. Maar laat ons tog die uitbuiting staak.

¹¹Gee vandag nog hulle lande, wingerde, olyfboorde en huise vir hulle terug en skeld hulle ook nog een persent kwyt van die geld, die koring, die wyn en die olie wat julle aan hulle geleen het.”

¹²Hulle het gesê: “Ons sal dit teruggee en niks meer van hulle eis nie. Ons sal maak soos u gesê het.” Ek het toe die priesters geroep en die burgers en amptenare onder eed laat onderneem om hiervolgens te handel.

¹³Self het ek my sakke uitgeskud en gesê: “Mag God elkeen wat nie woord hou nie, so uit sy huis en sy besittings uitskud, dat hy net so kaal uitgeskud en leeg is.” Die hele vergadering het gesê: “Amen! ” en hulle het die Here geprys. Die mense het toe gedoen wat ek gevra het.

Nehemia se onbaatsugtigheid

¹⁴Van die dag af dat ek aangestel is as goewerneur in Juda, van die twintigste jaar af tot die twee en dertigste jaar van koning Artasasta, twaalf jaar lank, het ek en my medeamptenare nie aanspraak gemaak op die goewerneurstoelae nie.

¹⁵Die vroeëre goewerneurs, almal voor my, het swaar eise aan die volk gestel. Hulle het behalwe brood en wyn elke dag ook nog vier honderd en sestig gram silwer geëis. Hulle amptenare het ook baas gespeel oor die volk. Ek het nie so gemaak nie, uit eerbied vir God.

¹⁶Ek het my volle gewig ingegooi by die werk aan hierdie muur, ek het nie lande gekoop nie, en al my helpers was hier by die werk saamgetrek.

¹⁷Honderd en vyftig man van die Judeërs en die amptenare en boonop die mense wat van die heidennasies rondom ons na ons toe gekom het, het aan my tafel geëet.

¹⁸Daar moes elke dag 'n bees, ses slagskape en 'n klomp voëls vir my gaargemaak word, en om die tien dae moes daar 'n groot hoeveelheid wyn vir die menigte kom. Nogtans het ek nie die goewerneurstoelae geëis nie, want die werk was alreeds 'n swaar las op hierdie volk.

¹⁹Onthou tog, my God, tot my voordeel, alles wat ek vir hierdie volk gedoen het!

Nehemia 6

Verdere pogings om die bouwerk tot stilstand te bring

¹Sanballat, Tobija, die Arabier Gesem en die res van ons vyande het berig gekry dat ek die muur klaar gebou het en dat dit nêrens meer vervalte was nie. In dié stadium was die poortdeure egter nog nie gehang nie.

²Sanballat en Gesem laat my toe weet: “Kan ons mekaar in Kefirim, in die Onolaagte, ontmoet?” Hulle plan was om my by te kom.

³Ek stuur toe boodskappers na hulle toe en sê: “Ek is besig met 'n groot werk. Ek kan nie kom nie. Hoekom moet die werk stilstaan terwyl ek dit laat lê om na julle toe te kom?”

⁴Hulle het dieselfde boodskap vier keer gestuur, en elke keer het ek dieselfde antwoord teruggestuur.

⁵Die vyfde keer stuur Sanballat toe 'n amptenaar na my toe met dieselfde boodskap, maar ook met 'n brief wat nie verseël was nie.

⁶Daarin was geskrywe: “Onder die nasies word 'n gerug versprei, en Gesem bevestig dit, dat jy en die Judeërs 'n opstand beplan. Daarom bou jy die muur. Volgens die gerug wil jy koning word oor hulle,

⁷en jy het ook al profete aangestel om jou in Jerusalem tot koning oor Juda uit te roep. Die gerug wil dat die koning van Persië hiervan te hore sal kom. Kom nou, kom ons praat.”

⁸Ek het hom terug laat weet: “Niks van wat jy sê, is waar nie. Jy suig dit uit jou duim.”

⁹Hulle het almal geprobeer om ons die skrik op die lyf te ja, met die gedagte: Hulle sal die werk laat staan en dit sal nie klaarkom nie. Sterk tog my hande, o God!

¹⁰Ek het by Semaja seun van Delaja, seun van Mehetabel, gekom waar hy homself in sy huis toegesluit het. Hy het vir my gesê: “Kom ons ontmoet mekaar in die huis van God, binne-in die tempel, en laat ons dan die deure van die tempel sluit, want daar kom mense om jou dood te maak, hulle kom vannag om jou dood te maak.”

¹¹Ek het gesê: “Sal 'n man soos ek vlug, iemand soos ek tempel toe gaan om te kan bly lewe? Ek sal nie gaan nie! ”

¹²Ek het toe geweet dat God hom nie gestuur het nie, maar dat hy dié voorspelling teen my gemaak het omdat Tobija en Sanballat hom omgekoop het.

¹³Hy is omgekoop om my bang te maak sodat ek 'n misstap sou begaan en hulle die geleentheid gee om my te beskinder en my naam sleg te maak.

¹⁴My God, onthou wat Tobija en Sanballat gedoen het, en ook die profetes Noadja en die ander profete wat my wou bang maak.

Voltooing van die muur

¹⁵Die muur is voltooi op die vyf en twintigste van die maand Elul, binne twee en vyftig dae.

¹⁶Toe al ons vyande dit hoor, en die nasies rondom ons dit sien, was hulle selfversekerdheid daarmee heen. Hulle het toe geweet ons doen hierdie werk met die hulp van ons God.

¹⁷In daardie selfde tyd het daar baie briewe van vooraanstaande Judese burgers na Tobija toe gegaan en briewe van hom af na hulle toe gekom.

¹⁸Baie Judeërs het noue bande met hom gehad, want hy was die skoonseun van Sekanja seun van Arag, en sy seun Joganen was getroud met 'n dogter van Mesullam seun van Berekja.

¹⁹Hulle het gedurig voor my gepraat van Tobija se goeie hoedanighede, en alles wat ek gesê het, aan hom oorgedra. Dan het hy briewe gestuur en my probeer bang praat.

Nehemia 7

¹Toe die muur voltooi is, het ek die deure gehang en poortwagte, sangers en Leviete aangestel.

²Ek het Ganani, my ampsgenoot, en Gananja, die bevelhebber van die vesting, in bevel van Jerusalem geplaas. Gananja was 'n betroubare man wat eerbied vir God gehad het, meer as baie ander.

³Ek het hulle beveel: “Moenie die poorte van Jerusalem oopmaak voor die son warm is nie en maak die deure weer toe en grendel hulle terwyl die poortwagte nog op hulle pos is. Stel ook wagte aan uit die inwoners van Jerusalem, party op die wagposte en party voor hulle huise.”

Die lys van mense wat saam met Serubbabel teruggekom het (Vgl. Esra 2)

⁴Die stad was uitgestrek en groot, met min mense daarin, en daar was nog nie genoeg huise gebou nie.

⁵My God het my die besluit laat neem om die vooraanstaande burgers, die amptenare en die ander mense te laat bymekaarkom vir opname in die familieregister. Ek het die register van dié wat eerste teruggekom het, in die hande gekry, en daarin die volgende opgeskryf gevind:

⁶“Hier volg 'n opgawe van die mense uit die provinsie Juda wat uit die ballingskap teruggekom het na Jerusalem en Juda toe, elkeen na sy eie stad toe. Hulle is weggevoer deur koning Nebukadnesar van Babel,

⁷en hulle het teruggekom saam met Serubbabel, Josua, Nehemia, Asarja, Raämja, Nagamani, Mordegai, Bilsan, Mispar, Bigwai, Regum en Baäna. Die getalle van die mense van die volk Israel: “Ingedeel volgens families:

⁸Paros 2.172,

⁹Sefatja 372,

¹⁰Arag 652,

¹¹Pagat-Moab, uit die families van Josua en Joab, 2.818,

¹²Elam 1.254,

¹³Sattu 845,

¹⁴Sakkai 760,

¹⁵Bani 648,

¹⁶Bebai 628,

¹⁷Asgad 2.322,

¹⁸Adonikam 667,

¹⁹Bigwai 2.067,

²⁰Adin 655,

²¹Ater, uit die familie van Hiskia, 98,

²²Gasum 328,

²³Besai 324,

²⁴Garif 112. “Ingedeel volgens plek van herkoms:

²⁵Gibeon 95,

²⁶Betlehem en Netofa 188,

²⁷Anatot 128,

²⁸Bet-Asmawet 42,

²⁹Kirjat-Jearim, Kefira en Beërot 743,

- ³⁰Rama en Geba 621,
- ³¹Mikmas 122,
- ³²Bet-El en Ai 123,
- ³³Nebo 52,
- ³⁴Elam 1.254,
- ³⁵Garim 320,
- ³⁶Jerigo 345,
- ³⁷Lod, Gadid en Ono 721,
- ³⁸Senaä 3.930.
- ³⁹“Priesterfamilies: Jedaja, uit die huis van Jesua, 973,
- ⁴⁰Immer 1.052,
- ⁴¹Pasgur 1.247,
- ⁴²Garim 1.017.
- ⁴³“Levitiese families: Jesua, uit die familie van Kadmiël, uit die Hodaugroep, 74,
- ⁴⁴sangers uit die Asafgroep 148,
- ⁴⁵poortwagte uit die families van Sallum, Ater, Talmon, Akkub, Gatita en Sobai 138.
- ⁴⁶“Tempelslawe met hulle families: Siga, Gasufa, Tabbaoth,
- ⁴⁷Keros, Sia, Padon,
- ⁴⁸Lebana, Gagaba, Salmai,
- ⁴⁹Ganan, Giddel, Gagar,
- ⁵⁰Reaja, Resin, Nekoda,
- ⁵¹Gassam, Ussa, Paseag,
- ⁵²Besai, Meünim, Nefusim,

⁵³Bakbuk, Gakufa, Gargur,

⁵⁴Baslut, Megida, Garsa,

⁵⁵Barkos, Sisera, Temag,

⁵⁶Nesiag en Gatifa.

⁵⁷“Nakomelinge van die dienaars van Salomo, met hulle families: Sotai, Soferet, Peruda,

⁵⁸Jala, Darkon, Giddel,

⁵⁹Sefatja, Gattil, Pokeret-Sebajim en Amon.

⁶⁰Al die tempelslawe en die nakomelinge van die amptenare van Salomo was saam 392.

⁶¹Uit Tel-Melag, Tel-Garsa, Kerub-Addan en Immer het mense teruggekom wat nie uit hulle familieverband en afstamming kon aantoon dat hulle deel van Israel is nie.

⁶²Dit was die families van Delaja, Tobija en Nekoda, altesaam 642 mense.

⁶³Van die priesterfamilies was daar ook nog dié van Gabaja, Kos en Barsillai, dié Barsillai wat getroud is met 'n dogter van die Gileadiet Barsillai en toe na hom vernoem is.

⁶⁴Hierdie families het probeer vasstel of hulle in die registers opgeneem is, maar daar kon niks gevind word nie, en hulle is uit die priesterskap onthef.

⁶⁵Die amptenaar wat met dié saak belas was, het beslis dat hulle nie van die gewyde gawes mag eet voordat 'n priester uitsluitel gegee het met die urim en die tummim nie.

⁶⁶“Die hele groep was in totaal 42.360,

⁶⁷afgesien van hulle slawe en slavinne; dié was 7.337. Dan was daar ook nog 245 sangers en sangeresse,

⁶⁹asook 435 kamele en 6.720 donkies.”

Bydraes vir die bou van die tempel

⁷⁰Party familiehoofde het bydraes gegee vir die werk. Die goewerneur het vir die fonds ag en 'n half kilogram goud, vyftig komme en vyf honderd en dertig stelle priesterklere gegee.

⁷¹Van die familiehoofde het vir die werkfonds honderd ag en sestig kilogram goud en een en 'n kwart ton silwer bygedra.

⁷²Die res van die mense het honderd ag en sestig kilogram goud, meer as 'n ton silwer en sewe en sestig stelle priesterklere gegee.

Die byeenkoms by die Waterpoort

⁷³Die priesters, die Leviete, die poortwagte, die sangers, 'n deel van die volk, en die tempelslawe het hulle gevestig in die stede waar hulle vandaan gekom het. Dit het die hele Israel gedoen.

Nehemia 8

¹Toe die sewende maand aanbreek, was die Israeliete dus oral in die stede.

²Die hele volk het soos een man bymekaargekom op die plein voor die Waterpoort en vir Esra die skrifgeleerde gevra om die wetboek van Moses waarin die bevele van die Here aan Israel opgeteken is, te bring.

³Die priester Esra het toe die wet voor die gemeente gebring, man en vrou, elkeen wat kon verstaan. Dit was op die eerste dag van die sewende maand.

⁴Hy het daaruit voorgelees op die plein voor die Waterpoort van ligdag af tot die middel van die dag ten aanhore van mans, vrouens en elkeen wat kon verstaan. Die aandag van die hele gemeente was by die wetboek.

⁵Esra die skrifgeleerde het op 'n houtverhoog gestaan wat vir dié doel gemaak was; regs langs hom het Mattitja, Sema, Anaja, Urija, Gilkija en Maäseja gestaan, en links van hom Pedaja, Misael, Malkija, Gasum, Gasbaddana, Sagaria en Mesullam.

⁶Esra het hoër gestaan as die hele gemeente en het die boek voor almal se oë oopgemaak. Toe hy dit oopmaak, het die hele gemeente opgestaan.

⁷Esra het die Here, die grote God, geprys en die hele gemeente het met die hande omhoog geantwoord: “Amen, amen.” Toe kniel hulle en buig diep voor die Here.

⁸Die Leviëte Jesua, Bani, Serebja, Jamin, Akkub, Sabbetai, Hodija, Maäseja, Kelita, Asarja, Josabad, Ganan en Pelaja het die wet aan die gemeente verduidelik terwyl die volk daar staan.

⁹Die Leviëte het uit die boek, uit die wet van God, voorgelees en dit uitgelê. Hulle het die betekenis weergegee sodat die mense kon verstaan wat gelees word.

¹⁰Nehemia die goewerneur, die skrifgeleerde priester Esra en die Leviëte wat die gemeente onderrig het, het vir die hele gemeente gesê: “Hierdie dag word gewy aan die Here julle God. Moenie treurig wees nie, moenie huil nie.” Dit was omdat die hele gemeente gehuil het by die aanhoor van die wet.

¹¹Nehemia het verder gesê: “Gaan vier fees, eet en drink, en deel uit aan dié wat niks voorberei het nie. Hierdie dag word gewy aan ons Here. Moenie bedroef wees nie; as julle die Here met blydschap dien, sal Hy julle beskerm.”

¹²Die Leviëte het al die mense gekalmeer met die woorde: “Wees rustig. Dit is 'n gewyde dag, moenie bedroef wees nie.”

¹³Die hele gemeente het toe gaan eet, lekkernye uitgedeel en groot feesgevier. Hulle het goed begryp wat vir hulle gesê is.

Die huttefees

¹⁴Die volgende dag het die familiehoofde van die hele gemeente en die priesters en Leviëte by Esra die skrifgeleerde bymekaargekom om die inhoud van die wet te bestudeer.

¹⁵Hulle vind toe in die wet geskrywe dat die Here deur Moses opdrag gegee het dat die Israeliete in hutte moet woon vir die duur van die fees in die sewende maand,

¹⁶en dat hulle die oproep moet maak en dit in al die stede en in Jerusalem moet laat afkondig: “Gaan na die berge toe en bring olyftakke, olientakke,

mirtetakke, palmtakke, takke met digte blare om hutte te maak soos dit voorgeskryf is.”

¹⁷Die mense het die takke gaan haal, en elkeen het vir hom 'n hut gebou, op die dak van sy huis of in sy binneplaas of in die voorhof van die tempel of op die plein by die Waterpoort of op die plein by die Efraimspoort.

¹⁸Die hele gemeente, die mense wat uit die ballingskap teruggekom het, het hutte gebou en daarin gaan woon. So het die Israeliete dit nie gedoen van die tyd van Josua seun van Nun af tot dié dag toe nie. Daar was baie groot vreugde.

¹⁹Van die eerste tot die laaste dag van die fees het hulle elke dag uit die wetboek van God voorgelees. Hulle het sewe dae lank feesgevier, en op die agste dag was daar die gebruikelike samekoms.

Nehemia 9

Die vasdag

¹Op die vier en twintigste dag van dié maand het die Israeliete vir 'n vasdag bymekaargekom. Hulle het rouklere aangehad en daar was grond op hulle koppe.

²Die nakomelinge van Israel het hulleself afgeskei van alle nie-Israeliete en toe hulle plekke ingeneem en belydenis gedoen van hulle sonde en van die oortredings van hulle voorvaders.

³Hulle het op hulle plekke bly staan en het 'n kwart dag lank voorgelees uit die wetboek van die Here hulle God. Nog 'n kwart dag lank het hulle belydenis gedoen en voor die Here hulle God gebuig.

⁴Die Leviëte Jesua, Bani, Kadmiël, Sebanja, Bunni, Serebja, Bani en Kenani het op die verhoog gaan staan en die Here hulle God hard om hulp aangeroep.

⁵Daarna het die Leviëte Jesua, Kadmiël, Bani, Gasabneja, Serebja, Hodija, Sebanja en Petagja gesê: “Kom, prys die Here julle God! Hy is van ewigheid tot ewigheid.” Toe het hulle u magtige Naam geprys, verhewe bo alle lof en roem.

⁶Dit is U! U alleen is Here! U het die hemel gemaak, die hoogste hemel en sy hele leërmag, die aarde en alles daarop, die oseane en alles daarin. U laat hulle almal lewe; die hemelse leërmag buig voor U.

⁷U is die Here, die God wat vir Abram gekies het, hom uit Ur van die Galdeërs gebring het en sy naam Abraham gemaak het.

⁸U het hom getrou teenoor U bevind, met hom 'n verbond gesluit dat U die land van die Kanaäniete, die Hetiete en Amoriete, die Feresiete, Jebusiete en Girgasiëte, aan sy nageslag sou gee, en U het u belofte nagekom; U is betroubaar.

⁹U het die nood van ons voorvaders in Egipte gesien, gehoor toe hulle by die Rietsee om hulp geroep het,

¹⁰en groot, magtige daade gedoen, teen die farao, teen sy amptenare en teen die mense in sy land, want U het geweet dat hulle u volk met minagting behandel het. U het die roem van u Naam groot gemaak, so soos dit vandag nog is.

¹¹U het die see gekloof voor hulle, hulle kon op droë grond daardeur trek; maar U het hulle agtervolgers in die vloedwaters gegooi soos 'n klip in magtige waters.

¹²Met 'n wolkkolom het U hulle bedags gelei, met 'n vuurkolom snags om vir hulle lig te maak op die pad waar hulle langs moes trek.

¹³U het op Sinaiberg afgekom, met hulle uit die hemel gepraat en vir hulle bepalings vasgestel wat billik is, wette wat vas staan, voorskrifte en gebooie wat goed is.

¹⁴U het hulle geleer van u gewyde sabbat en aan hulle gebooie, voorskrifte en 'n wet gegee deur Moses, u dienaar.

¹⁵U het vir hulle brood gegee uit die hemel toe hulle honger was, vir hulle water uit 'n rots laat stroom toe hulle dors was. U het gesê hulle kan die land in besit kom neem wat U met 'n eed belooft het om aan hulle te gee.

¹⁶Maar hulle, ons voorvaders, was vermetel, hulle koppe was hard, hulle het nie u gebooie gehoorsaam nie.

¹⁷Hulle het geweier om te luister, hulle het nie die wonderdade onthou wat U vir hulle gedoen het nie. Hulle koppe was hard, hulle het in verset gekom en wou in hulle koppigheid terug na hulle slawerny. Maar U is 'n God wat vergewe, genadig, barmhartig, lankmoedig, vol liefde. U het hulle nie verlaat nie.

¹⁸Ook toe hulle vir hulle die kalfsbeeld gegiet het en gesê het: “Hier is jou God wat jou uit Egipte gebring het,” en toe hulle skandelijke dinge gedoen het,

¹⁹het U in u groot barmhartigheid hulle nie in die woestyn gelos nie. Die wolkkolom het bedags nie van hulle af weggedraai nie maar hulle op die pad bly lei; die vuurkolom was snags daar om vir hulle lig te maak op die pad waar hulle langs moes trek.

²⁰U het u goeie Gees gegee om hulle te onderrig, U het u manna nie van hulle teruggehou nie, U het vir hulle water gegee vir hulle dors.

²¹Veertig jaar lank het U vir hulle gesorg, hulle het niks kortgekom in die woestyn nie. Hulle klere het nie verslyt nie, hulle voete het nie geswel nie.

²²U het koninkryke, volke, aan hulle gegee, gebiede aan hulle toegewys: hulle het die land van Sihon in besit geneem, die land van die koning van Gesbon, en die land van koning Og van Basan.

²³U het hulle nageslag so baie laat word soos die sterre aan die hemel. U het hulle gebring na die land waarvan U aan hulle voorvaders gesê het dat hulle dit in besit sal kom neem.

²⁴Hulle kinders het gekom en die land in besit geneem. U het die inwoners van die land, die Kanaäniete, voor u volk laat buig en hulle oorgegee in die mag van u volk. U volk kon doen wat hulle wou met die konings en die volke in die land.

²⁵U volk het vestingstede beset en vrugbare grond. Hulle het beslag gelê op huise vol kosbare goed, putte wat klaar gegrawe was, wingerde en olyfboorde,

vrugtebome in oorvloed. Hulle het geëet, meer as genoeg, vet geword, en hulle verlustig in u groot goedheid.

²⁶Maar hulle het opstandig geword en teen U in verset gekom, hulle het u wet verwerp en u profete doodgemaak wat hulle gewaarsku het om na U terug te kom. Hulle het skandelijke dinge gedoen.

²⁷Toe het U hulle oorgegee in die mag van hulle teëstanders, dat dié hulle verdruk. Toe dit sleg met hulle gaan, het hulle na U geroep om hulp, en U het uit die hemel hulle gebed verhoor. In u groot barmhartigheid het U aan hulle redders gegee, en dié het hulle gered uit die mag van hulle teëstanders.

²⁸Maar toe hulle rus kry, het hulle weer teen U oortree, en U het hulle in die mag van hulle vyande gelos dat dié oor hulle kon heers. Hulle het weer na U om hulp geroep, en U het uit die hemel hulle gebed verhoor en in u barmhartigheid het U hulle gered, keer op keer.

²⁹U het hulle gewaarsku om terug te kom na u wet, maar hulle was vermetel, ongehoorsaam aan u gebooie. Hulle het gesondig teen u bepalings wat 'n mens laat lewe as hy hulle nakom. Hulle was moedswillig, hulle koppe was hard, hulle was ongehoorsaam.

³⁰U was geduldig met hulle, baie jare lank, U het hulle gewaarsku deur u Gees, deur middel van u profete, maar hulle het nie geluister nie. Toe het U hulle oorgegee in die mag van heidenvolke,

³¹maar in u groot barmhartigheid het U hulle nie heeltemal uitgewis nie, hulle nie verlaat nie. U is 'n genadige, 'n barmhartige God.

³²En nou, ons God, grote God, magtig en ontsagwekkend, U wat die verbond en die troue liefde in stand hou, moet tog nie al dié ellende gering ag nie, die ellende wat ons, ons konings, ons amptenare, ons priesters, ons profete, ons voorvaders, u hele volk, getref het van die tyd van die Assiriese konings af tot vandag toe.

³³In alles wat oor ons gekom het, was U regverdig; U het reg gedoen, ons verkeerd.

³⁴Ons konings, ons amptenare, ons priesters, ons voorvaders het nie u wet gehoorsaam nie, nie gelet op u gebooie, u verordeninge waarmee U hulle gewaarsku het nie.

³⁵Hulle konings het nog geregeer en hulle het nog u groot goedheid geniet wat U hulle gegee het en in die wye, vrugbare land gewoon wat U aan hulle gegee het; al het hulle U nie gedien nie en hulle nie bekeer van hulle slegte dade nie.

³⁶Hier is ons vandag slawe, ons is slawe in hierdie land, die land wat U aan ons voorvaders gegee het dat hulle die vrug daarvan en die goeie dinge daarin kan geniet.

³⁷Sy ryke opbrengs behoort aan die konings wat U oor ons aangestel het as gevolg van ons sondes; die konings maak met ons en ons vee soos hulle wil. Ons verkeer in groot nood.

Die onderneming

³⁸Daarom gaan ons 'n skriftelike onderneming aan. Op die verseëlde dokument teken ons leiers, ons Leviëte en ons priesters hulle name.

Nehemia 10

¹Op die verseëlde dokument staan: Die goewerneur Nehemia seun van Gakalja en die priesters Sedekia,

²Seraja, Asarja, Jeremia,

³Pasgur, Amarja, Malkija,

⁴Gattus, Sebanja, Malluk,

⁵Garim, Meremot, Obadja,

⁶Daniël, Ginneton, Baruk,

⁷Mesullam, Abia, Mijamin,

⁸Maäsja, Bilga en Semaja.

⁹Die Leviëte was Jesua seun van Asanja, Binnui uit die Genadadgroep, en Kadmiël,

- ¹⁰met hulle ampsgenote, Sebanja, Hodija, Kelita, Pelaja, Ganan,
- ¹¹Miga, Regob, Gasabja,
- ¹²Sakkur, Serebja, Sebanja,
- ¹³Hodija, Bani en Beninu.
- ¹⁴Die leiers van die volk was Paros, Pagat-Moab, Elam, Sattu, Bani,
- ¹⁵Bunni, Asgad, Bebai,
- ¹⁶Adonia, Bigwai, Adin,
- ¹⁷Ater, Hiskia, Assur,
- ¹⁸Hodija, Gasum, Besai,
- ¹⁹Garif, Anatot, Nebai,
- ²⁰Magpias, Mesullam, Gesir,
- ²¹Mesesabel, Sadok, Jaddua,
- ²²Pelatja, Ganan, Anaja,
- ²³Hosea, Gananja, Gassub,
- ²⁴Loges, Pilga, Sobek,
- ²⁵Regum, Gasabna, Maäseja,
- ²⁶Agija, Ganan, Anan,
- ²⁷Malluk, Garim en Baäna.
- ²⁸Die res van die gemeente, priesters, Leviete, poortwagte, sangers, tempelslawe en al die ander wat hulle van die heidenvolke afgeskei het met die oog op die wet van God, vrouens, seuns, dogters, almal wat reeds die nodige begrip gehad het,
- ²⁹het hulle aangesluit by hulle ampsgenote en leiers. Hulle het 'n dure eed afgelê om te leef volgens die wet van God wat deur Moses, die dienaar van God, aan die volk gegee is, en om gehoorsaam te wees aan al die gebooie van die Here, ons Here, en aan sy bepalings en voorskrifte.

³⁰Verder het hulle onderneem: “Ons sal ons dogters nie met die heidenvolke laat trou nie en hulle dogters nie met ons seuns nie.

³¹“Wanneer die heidene handelsware of graan op die sabbatdag bring om te verkoop, sal ons dit nie op die sabbat of op enige gewyde dag van hulle koop nie. “Ons sal die grond al om die sewende jaar onbewerk laat lê en alle skulde vryskeld.

³²“Ons aanvaar die verpligting om elkeen elke jaar vier gram goud by te dra vir die dienswerk in die huis van ons God:

³³vir die offerbrood, die gereelde graanoffer, die gereelde brandoffer, die offers op sabbatte, nuwemane, vasgestelde feestye en besondere gewyde dae, vir die sondeoffer om vir Israel versoening te doen, en vir al die werk in die huis van ons God.

³⁴“Ons, priesters, Leviëte sowel as die ander mense, het geloot om te bepaal wanneer dit elke familie se beurt is om, op die vasgestelde tyd elke jaar, die heffing van brandhout vir die altaar van die Here ons God na die huis van ons God toe te bring soos dit in die wet voorgeskryf is.

³⁵“Ons sal die eersteling van ons gesaaides en die eersteling van al die vrugtebome elke jaar na die huis van die Here toe bring.

³⁶“Soos dit in die wet voorgeskryf is, sal ons ons eersgebore seuns en die eersgeborenes van ons vee, van ons beeste sowel as van ons kleinvee, na die priesters toe bring wat in die huis van ons God diens doen.

³⁷“Ons sal die eerste deeg ná die oes, ons offergawes en die eersteling van alles wat ons bome oplewer, van ons wyn en olie, na die opslagplekke van die huis van ons God bring vir die priesters, en die tiendes van ons gesaaides vir die Leviëte. “Die Leviëte sal tiendes insamel in al die stede waar ons werk.

³⁸'n Priester uit die nageslag van Aäron sal die Leviëte vergesel wanneer hulle tiendes insamel. Die Leviëte sal een tiende van die ingesamelde tiendes

na die huis van ons God toe bring, na die opslagplekke by die voorraadkamer toe.

³⁹“Die Israeliete en die Leviete sal die offergawes van koring, wyn en olie na die opslagplekke toe bring. Daar word die gereedskap vir die heiligdom gebêre, en daar is die diensdoende priesters, die poortwagte en die sangers. “Ons sal die huis van ons God nie verwaarloos nie.”

Nehemia 11

'n Lys van die inwoners van Jerusalem

¹Die leiers van die volk het in Jerusalem gewoon. Die ander mense het geloot om een uit elke tien in Jerusalem, die heilige stad, te laat woon. Die ander kon in die ander stede woon.

²Die volk het egter al die manne geprys wat aangebied het om in Jerusalem te woon.

³Hier volg 'n lys van die hoofde van die provinsie Juda wat in Jerusalem gewoon het. Israel, die priesters, die Leviete, die tempelslawe en die nakomelinge van die amptenare van Salomo het oral in die stede van Juda gewoon, elkeen op sy eie grond in sy eie stad.

⁴In Jerusalem het die volgende Judeërs en Benjaminiete gewoon: Judeërs: Ataja seun van Ussia, seun van Sagaria, seun van Amarja, seun van Sefatja, seun van Mahalalel, uit die nageslag van Peres;

⁵Maäseja seun van Baruk, seun van Kol-Gose, seun van Gasaja, seun van Adaja, seun van Jojarib, seun van Sagaria, seun van Siloni.

⁶Die nakomelinge van Peres wat in Jerusalem gewoon het, was altesaam 468, almal dapper manne.

⁷Nou volg die Benjaminiete: Sallu seun van Mesullam, seun van Joëd, seun van Pedaja, seun van Kolaja, seun van Maäseja, seun van Itiël, seun van Jesaja,

⁸en dan ook Gabbai en Sallai. Die Benjaminiete was 928.

⁹Joël seun van Sikri het die bevel oor hulle gevoer, en Juda seun van Senua was in bevel oor die Nuwe Stad.

¹⁰Priesters: Jedaja seun van Jojarib, en Jakin;

¹¹Seraja seun van Gilkija, seun van Mesullam, seun van Sadok, seun van Merajot, seun van Agitub, was hoof van die tempel.

¹²Hulle ampsgenote, wat die dienswerk in die tempel gedoen het, was 822. Verder was daar Adaja seun van Jerogam, seun van Pelalja, seun van Amsi, seun van Sagaria, seun van Pasgur, seun van Malkija,

¹³met sy ampsgenote, 242 familiehoofde; en Amassai seun van Asarel, seun van Agsai, seun van Mesillemot, seun van Immer,

¹⁴met sy ampsgenote, 128 dapper manne. Die bevelvoerder oor hulle was Sabdiël seun van Gedolim.

¹⁵Leviëte: Semaja seun van Gassub, seun van Asrikam, seun van Gasabja, seun van Bunni;

¹⁶Sabbetai en Josabad was hoofde van die Leviëte en belas met die toesig oor die werk buite die tempel;

¹⁷Mattanja seun van Miga, seun van Sabdi, seun van Asaf, wat in beheer van die sang was, moes die lofprysing by die gebed behartig. Verder was daar Bakbukja, tweede in rang onder sy ampsgenote, en Abda seun van Sammua, seun van Galal, seun van Jedutun.

¹⁸Al die Leviëte in die heilige stad was 284.

¹⁹Poortwagte: Akkub, Talmon en hulle ampsgenote wat by die poorte wag gehou het. Hulle was 172.

²⁰Die res van Israel en van die priesters en Leviëte het oral in die stede van Juda gewoon, elkeen op sy eie stuk grond.

²¹Die tempelslawe het op die Ofel gewoon. Hulle was onder die bevel van Siga en Gispa.

²²Die gesagvoerder oor die Leviëte in Jerusalem was Ussi seun van Bani, seun van Gasabja, seun van Mattanja, seun van Miga, uit die nageslag van Asaf wat die sangers was by die dienswerk in die tempel.

²³Daar het 'n koninklike opdrag oor die sangers bestaan, 'n voorskrif oor hulle optrede soos dit elke dag moes geskied.

²⁴Petagja seun van Mesesabel, uit die nageslag van Serag seun van Juda, was die gevolmagtigde van die koning vir alle sake van die volk.

Die nedersettings buite Jerusalem

²⁵Wat betref die nedersettings met hulle boerderygebiede, daar het van die Judeërs in Kirjat-Arba en sy buiteposte gewoon, in Dimona en sy buiteposte, in Kabseël en die nedersettings by hom,

²⁶in Jesua, in Molada, in Bet-Pelet,

²⁷in Gasar-Sual, in Berseba en sy buiteposte,

²⁸in Siklag, in Mekona en sy buiteposte,

²⁹in En-Rimmon, in Sora, in Jarmut,

³⁰in Sanoag en Adullam en die nedersettings by hulle, in Lakis en sy boerderygebied en in Aseka en sy buiteposte. Hulle was dus gevestig oor die gebied van Berseba af tot by Hinnomdal.

³¹Die Benjaminiëte het gewoon in Geba, Mikmas, Aja, Bet-El en sy buiteposte,

³²Anatot, Nob, Ananeja,

³³Gasor, Rama, Gittajim,

³⁴Gadid, Seboïm, Neballat,

³⁵Lod, Ono en Vakmansdal.

³⁶Afdelings Leviëte het ook in Juda en Benjamin gewoon.

Nehemia 12

Priesters en Leviëte

¹Hier volg 'n lys van die priesters en die Leviëte wat saam met Serubbabel seun van Sealtiel, en Jesua teruggekom het: Seraja, Jeremia, Esra,

²Amarja, Malluk, Gattus,

³Sekanja, Regum, Merajot,

⁴Iddo, Ginneton, Abia,

⁵Mijamin, Maädja, Bilga,

⁶Semaja, Jojarib, Jedaja,

⁷Sallu, Amok, Gilkija en Jedaja. Hulle was die hoofde van die priesters en van hulle ampsgenote in die tyd van Jesua.

⁸Die Leviëte was Jesua, Binnui, Kadmiël, Serebja, Juda en Mattanja. Mattanja en sy ampsgenote was verantwoordelik vir die lofsang.

⁹Hulle ampsgenote Bakbukja en Unni het regoor hulle diens gedoen.

¹⁰Jesua was die vader van Jojakim, Jojakim die vader van Eljasib, Eljasib van Jojada;

¹¹Jojada was die vader van Jonatan en Jonatan die vader van Jaddua.

¹²Tydens die regering van Jojakim was die volgende manne hoofde van die priesterfamilies: Meraja was hoof van die familie Seraja, Gananja van Jeremia,

¹³Mesullam van Esra, Joganan van Amarja,

¹⁴Jonatan van Malluk, Josef van Sebanja,

¹⁵Adna van Garim, Gelkai van Merajot,

¹⁶Sagaria van Iddo, Mesullam van Ginneton,

¹⁷Sikri van Abia, Piltai van Mijamin en Maädja,

¹⁸Sammua van Bilga, Jonatan van Semaja,

¹⁹Mattenai van Jojarib, Ussi van Jedaja,

²⁰Kallai van Sallu, Eber van Amok,

²¹Gasabja van Gilkija, Netanel van Jedaja.

²²Die familiehoofde van die Leviete is in die tyd van Eljasib, Jojada, Joganan en Jaddua opgeskryf, die priesters tydens die regering van Darius die Pers.

²³Die Levitiese familiehoofde is opgeskryf in die Kroniekboeke tot met die tyd van Joganan seun van Eljasib.

²⁴Die hoofde van die Leviete was Gasabja, Serebja en Jesua seun van Kadmiël. Regoor hulle was hulle ampsgenote wat die Here moes loof en dank volgens die voorskrif van Dawid, die man van God. Die afdelings het regoor mekaar diens gedoen.

²⁵Die ander was Mattanja, Bakbukja, Obadja en Mesullam. Talmon en Akkub was poortwagte wat diens gedoen het by die voorraadkamers in die poorte.

²⁶Hierdie mense het in die tyd van Jojakim seun van Jesua, seun van Josadak, en in die tyd van die goewerneur Nehemia en die skrifgeleerde priester Esra diens gedoen.

Die inwyding van die muur

²⁷Met die oog op die inwyding van die muur om Jerusalem is die Leviete oral in hulle woonplekke opgespoor en na Jerusalem toe gebring. Hulle moes die inwyding feestelik vier met lofliedere en met die musiek van simbale, harpe en liere.

²⁸Die sangers is bymekaargebring uit die omgewing van Jerusalem, uit die Netofanedersettings,

²⁹uit Bet-Gilgal en uit die boerderygebiede van Geba en Bet-Asmawet. Die sangers se nedersettings was almal om Jerusalem gebou.

³⁰Die priesters en die Leviete het eers hulleself gereinig en daarna die volk, die poorte en die muur.

³¹Ek het die leiers van Juda op die muur laat klim en toe twee groot kore saamgestel. Die een het ek suid op die muur langs laat gaan tot by die Vullispoort.

³²Agter hulle het Hosaja en die helfte van die gesagvoerders van Juda geloop,

- ³³en verder Asarja, Esra, Mesullam,
- ³⁴Juda en Benjamin, Semaja en Jeremia,
- ³⁵'n aantal priesters met trompette, Sagaria seun van Jonatan, seun van Semaja, seun van Mattanja, seun van Miga, seun van Sakkur, seun van Asaf,
- ³⁶en sy ampsgenote Semaja, Asarel, Milalai, Gilalai, Maäi, Netanel, Juda en Ganani met die musiekinstrumente van Dawid, die man van God. Esra die skrifgeleerde was voor hulle.
- ³⁷By die Fonteinpoort is hulle reguit op met die trappe na die Dawidstad toe, met die skuinste teen die muur bokant die paleis van Dawid langs tot by die Waterpoort aan die oostekant.
- ³⁸Die ander koor het noord geloop. Ek en die ander helfte van die mense het gevolg al met die muur langs oor die Bakoondtoring tot by die Breë Muur,
- ³⁹oor die Efraimspoort, die Ou Poort, die Vispoort, die Gananeltoring, die Toring van die Honderd tot by die Skaappoort. By die Wagpoort het hulle gaan staan.
- ⁴⁰Die twee kore het daarna in die tempel plek ingeneem, ek ook, en die helfte van die ampsdraers saam met my.
- ⁴¹Die priesters Eljakim, Maäseja, Mijamin, Miga, Eljoënai, Sagaria en Gananja het die trompette geblaas,
- ⁴²en ook Maäseja, Semaja, Eleasar, Ussi, Joganan, Malkija, Elam en Eser. Die kore het gesing onder leiding van Jisragja.
- ⁴³Daar is daardie dag baie offers gebring. Die mense was bly. God het hulle groot blydskap gegee. Ook die vrouens en kinders was bly. Jy kon die blydskap van Jerusalem ver hoor.
- ⁴⁴Daardie dag is daar ook manne aangestel oor die voorraadkamers vir die offergawes, die eerstelinge en die tiendes, sodat daarin die deel opgeberg kon word wat volgens wet die priesters en die Leviëte uit die boerderygebiede van

die stede toekom. Die priesters en die Leviete wat diens gedoen het, het voordeel getrek uit die blydschap van Juda.

⁴⁵Die priesters en die Leviete het die diensbeurte ter verering van hulle God en die diensbeurte om die reiniging te doen, waargeneem. Die werk van die sangers en die poortwagte is gereël volgens die voorskrif van Dawid en sy seun Salomo.

⁴⁶Daar was reeds in die ou tyd, in die tyd van Dawid en Asaf, leiers van die sangers met die oog op die lof- en dankliedere ter ere van God.

⁴⁷In die tyd van Serubbabel en Nehemia het die hele Israel vir die sangers en die poortwagte se onderhoud gesorg soos dit elke dag nodig was. Hulle het ook die offergawes vir die Leviete opsy gesit en die Leviete het dan weer dié van die priesters opsy gesit.

Nehemia 13

Afskeiding van nie-Israeliete

¹Daardie dag is daar ten aanhore van die volk voorgelees uit die boek van Moses, en daar is geskryf gevind dat 'n Ammoniet of Moabiet nooit in die gemeente van God mag kom nie.

²Dit was omdat hulle nie brood en water aan die Israeliete wou gee nie en vir Bileam gehuur het om 'n vloek oor Israel uit te spreek. Ons God het die vloek in seën laat verander.

³Toe die volk dié wet hoor, het hulle almal wat van gemengde herkoms was, van Israel afgeskei.

Nehemia se tweede besoek: Hy sit vir Tobija uit 'n kamer by die tempel

⁴Tevore het die priester Eljasib, wat in beheer was van die opslagplek by die huis van ons God en familie van Tobija was,

⁵vir Tobija 'n groot kamer ingerig wat tevore gebruik was vir die graanoffer, die wierook, die offergereedskap, die tiendes van koring, wyn en olie, die aandeel van die Leviete, die sangers en die poortwagte, en die offergawe vir die priesters.

⁶Ek was nie in Jerusalem toe dit alles gebeur het nie, want in die twee en dertigste regeringsjaar van koning Artasasta van Babel is ek terug na die koning toe. Ek kon eers met verloop van tyd van die koning verlof vra

⁷en na Jerusalem toe kom. Toe ek uitvind watter verkeerde ding Eljasib gedoen het deur vir Tobija 'n kamer in die voorhof van die tempel in te rig,

⁸was ek baie kwaad. Ek het al Tobija se huisraad uit die kamer gegooi

⁹en opdrag gegee dat die kamer gereinig moet word. Daarna het ek die goed wat in die tempel gebruik is, en die graanoffer en die wierook daar teruggesit.

Nehemia herstel die Leviete se voorregte en diens

¹⁰Verder het ek uitgevind dat die Leviete nie hulle aandeel aan onderhoud ontvang het nie, en dat hulle en die sangers wat dienswerk moes doen, weg is, elkeen na sy eie grond toe.

¹¹Ek het die ampsdraers sterk aangespreek en gesê: “Waarom is die tempel verwaarloos? ” Daarna het ek die Leviete weer bymekaargemaak en in hulle poste teruggeplaas.

¹²Die hele Juda het daarna die tiendes van koring, wyn en olie ingebring na die voorraadkamers toe.

¹³Ek het die priester Selemja, die sekretaris Sadok en die Leviet Pedaja in beheer van die voorraadkamers geplaas, en hulle is bygestaan deur Ganan seun van Sakkur, seun van Mattanja. Hulle is as betroubaar beskou, en dit was hulle taak om die uitdeling aan hulle ampsgenote te doen.

¹⁴Onthou tog wat ek gedoen het, my God! Moet tog nie dat my liefdesdade wat ek vir die huis van my God en vir sy diens gedoen het, vergeet raak nie.

Nehemia tref maatreëls oor die sabbat

¹⁵Daardie tyd het ek in Juda gesien dat mense die wynpers op die sabbat trap, en vragte koring en ook wyn, druiwe, vye en allerhande pakke op donkies laai en in Jerusalem inbring op die sabbat. Ek het hulle gewaarsku om nie op dié dag kos te verkoop nie.

¹⁶Die Tiriërs wat in Jerusalem gewoon het, het vis en allerhande koopware ingebring en op die sabbat aan die Judeërs en in Jerusalem verkoop.

¹⁷Ek het die vooraanstaande burgers van Juda sterk aangespreek en vir hulle gesê: “Hoe kan julle so 'n verkeerde ding doen dat julle die sabbat ontheilig?

¹⁸Dit is presies wat julle voorvaders gedoen het, sodat ons God al hierdie onheil oor ons en oor hierdie stad gebring het! Nou vererger julle die toorn wat op Israel rus deur die sabbat te ontheilig! ”

¹⁹Ek het toe opdrag gegee dat die poorte van Jerusalem gesluit moes word sodra dit daar begin donker word op die aand voor die sabbat en dat die poorte nie oopgesluit moes word voor ná die sabbat nie. Ek het van my eie dienaars by die poorte geplaas, sodat daar geen vrag op die sabbat sou inkom nie.

²⁰Toe het die handelaars en smouse 'n keer of twee net buite Jerusalem geslaap.

²¹Ek het hulle gewaarsku en vir hulle gesê: “Waarom slaap julle hier teen die muur? As julle dit weer doen, sal ek julle straf.” Daarna het hulle nie weer op die sabbat gekom nie.

²²Ek het die Leviete opdrag gegee om hulle te reinig en die poorte te kom bewaak sodat die sabbatdag heilig gehou sou word. Onthou tog ook dit, my God, ontferm U oor my in u groot liefde!

Nehemia tree op teen dié wat met vreemde vrouens getroud is

²³Daardie tyd het ek ook nog Judeërs gesien wat getroud was met vrouens uit Asdod en met Ammonitiese en Moabitiese vrouens.

²⁴Van hulle kinders het die helfte Asdods gepraat of die taal van 'n ander volk. Judees kon hulle nie praat nie.

²⁵Ek het met die mense geraas, hulle vervloek, party van hulle geslaan, hulle hare uitgetrek en hulle voor God 'n eed laat aflê: “Julle sal julle dogters nie laat trou met die heidene se seuns nie en hulle dogters nie met julle seuns of met julleself nie.

²⁶Dit was tog hiermee dat koning Salomo van Israel gesondig het! Onder die groot nasies was daar nie 'n koning soos hy nie. Sy God het hom liefgehad en

hom koning laat word oor die hele Israel, maar vreemde vrouens het ook vir hom laat sondig.

²⁷En nou moet ons hoor dat julle hierdie groot kwaad begaan het en ontrou aan ons God geword het deur vreemde vrouens te trou! ”

²⁸'n Seun van Jojada seun van die hoëpriester Eljasib was die skoonseun van Sanballat die Goroniet. Ek het hom van my af weggejaag.

²⁹Onthou hulle, my God; hulle het die priesterskap en die plegtige onderneming van die priesters en die Leviete besoedel.

³⁰Ek het hulle gesuiwer van al wat vreemd was en diensbeurte vir die priesters en Leviete vasgestel, elkeen vir sy werk,

³¹en ook die heffings van hout op die vasgestelde tye, en die eerstelinge. Onthou dit tot my voordeel, my God!

Ester

Ester 1

Koningin Vasti weier koning Ahasveros se versoek

¹Dit was in die tyd van Ahasveros. Hy het geregeer oor 'n ryk van honderd sewe en twintig provinsies wat gestrek het van Indië af tot by Kus.

²In die tyd toe sy troon in die vestingstad Susan was,

³in die derde jaar van sy regering, het hy 'n onthaal gegee vir al sy hoë amptenare en ander in sy diens. Die leëroffisiere van Persië en Medië, die vername mense en die hoë amptenare van die provinsies was teenwoordig.

⁴By dié geleentheid het die koning al die rykdom waarmee sy koninkryk kon spog, al die prag en praal daarvan, honderd en tagtig dae lank vertoon.

⁵Daarna het die koning almal in die stad Susan, groot en klein, 'n week lank in die paleistuin onthaal.

⁶Daar het wit en bloedrooi linnedoeke gehang wat met pers linnetoue vas was aan silwerringe aan marmerpilare. Verder was daar silwer- en goue rusbanke op 'n plaveisel van vier soorte kosbare klip.

⁷Wyn is bedien in goue bekere van verskillende ontwerpe en daar was 'n oorvloed koninklike wyn soos 'n mens van 'n koning kon verwag.

⁸Op bevel van die koning is niemand gedwing om te drink nie. Hy het al sy paleisbediendes beveel om na elkeen se wens te handel.

⁹Koningin Vasti het intussen ook die vrouens onthaal in die paleis van koning Ahasveros.

¹⁰Op die sewende dag, toe die koning baie vrolik was van die wyn, het hy sewe paleisbeamptes geroep: Mehuman, Bisseta, Garbona, Bigta, Abagta, Setar en Karkas.

¹¹Hy het hulle beveel om koningin Vasti, met haar kroon op, na hom toe te laat kom sodat hy vir al die mense, al die hoë amptenare, kon wys hoe mooi sy is. Sy was 'n baie mooi vrou.

¹²Koningin Vasti het egter geweier om te kom soos die koning haar deur sy paleisbeamptes beveel het. Toe het die koning baie kwaad geword. Hy was woedend

¹³en het raad gevra by sy adviseurs wat geweet het hoe en wanneer om op te tree, want dit was gebruikelik dat die koning die kenners van wet en reg sou raadpleeg.

¹⁴Karsena, Setar, Admata, Tarsis, Meres, Marsena en Memukan was by die koning. Hulle was die sewe hoofamptenare van Persië en Medië wat direkte toegang tot die koning gehad het en die hoogste poste in die koninkryk beklee het.

¹⁵Hy vra hulle toe: “Wat moet volgens wet gedoen word met koningin Vasti wat nie gehoorsaam was aan die bevel van die koning deur sy paleisbeamptes nie? ”

¹⁶Toe sê Memukan vir die koning en die hoë amptenare: “Koningin Vasti het nie net teen die koning verkeerd opgetree nie, maar ook teen al die hoë amptenare en al die mense in al die provinsies van die koning.

¹⁷Haar optrede sal bekend word by al die vrouens en sal daartoe lei dat hulle geen ontsag meer vir hulle mans het nie. Hulle sal sê: ‘Koning Ahasveros het beveel dat koningin Vasti voor hom moet verskyn, maar sy het nie gekom nie.’

¹⁸Die vooraanstaande vrouens van Persië en Medië wat van die koningin se optrede gehoor het, sal dit vandag nog aan hulle mans vertel en hulle met minagting behandel. Dit sal die mans woedend maak.

¹⁹As u dit goedvind, vaardig 'n koninklike bevel uit en laat geskryf word in die wette van Persië en Medië, wat nie herroep kan word nie, dat Vasti nie meer voor koning Ahasveros mag verskyn nie en dat hy haar as koningin vervang met iemand wat haar beter sal gedra as sy.

²⁰As die bevel wat die koning uitvaardig, bekend word oor sy uitgestrekte koninkryk sal elke vrou haar man, belangrik of onbelangrik, met eerbied behandel.”

²¹Die koning en sy hoë amptenare het hierdie voorstel goedgevind, en die koning het gedoen wat Memukan gesê het

²²en briewe gestuur na al die provinsies, na elke provinsie in sy eie skrif en na elke volk in sy eie taal. Hierin het gestaan dat elke man baas moet wees in sy eie huis en moet optree volgens die gebruik van sy volk.

Ester 2

Ester word koningin

¹Later, toe die woede van koning Ahasveros bedaar het, het hy nog altyd aan Vasti gedink en aan wat sy gedoen het en wat oor haar besluit is.

²Toe sê die amptenare wat in die koning se persoonlike diens was: “Die koning moet vir hom mooi meisies laat soek.

³Hy moet amptenare aanstel in al die provinsies van sy koninkryk sodat hulle al die mooi meisies bymekaar kan laat kom in die vestingstad Susan in die vrouekwartiere onder die sorg van Hegai, die paleisbeampte wat oor die koning se vrouens toesig hou. Hulle moet skoonheidsbehandeling ontvang,

⁴en die meisie van wie die koning die meeste hou, moet in die plek van Vasti koningin word.” Die koning het dit 'n goeie voorstel gevind en so gemaak.

⁵In die stad Susan was daar 'n Jood met die naam Mordegai. Hy was uit die stam Benjamin en was 'n seun van Jaïr seun van Simi, seun van Kis.

⁶Hy was onder die ballinge wat saam met koning Jojagin van Juda uit Jerusalem weggevoer is deur koning Nebukadnesar van Babel.

⁷Mordegai het as voog opgetree vir Hadassa, dit is Ester, die dogter van sy oom, want sy was 'n weeskind. Dié meisie was mooi, sy was baie mooi. Ná die dood van haar pa en ma het Mordegai haar as dogter aangeneem.

⁸Toe die besluit en bevel van die koning bekend gemaak is, is 'n groot aantal meisies in die stad Susan bymekaargebring onder die sorg van Hegai. Ester is ook na die paleis van die koning toe geneem onder die sorg van Hegai wat oor die koning se vrouens toesig gehou het.

⁹Die meisie was vir hom mooi en hy het van haar gehou. Hy het haar dadelik die nodige skoonheidsbehandeling gegee en haar die regte dieet laat volg. Ook het hy die sewe bestes van die paleis se kamerpersoneel tot haar beskikking gestel en haar en haar kamerpersoneel na die beste deel van die vrouekwartiere verskuif.

¹⁰Ester het nie haar volksverband en afkoms bekend gemaak nie, want Mordegai het haar belet om dit te doen.

¹¹Mordegai het elke dag voor die voorhof van die vrouekwartiere heen en weer geloop om agter te kom hoe dit met Ester gaan en wat met haar gaan gebeur.

¹²Die skoonheidsbehandeling waaraan die meisies hulle volgens die gebruik moes onderwerp, het twaalf maande lank geduur: behandeling met mirre-olie ses maande, en met lekkerruik-kruie en ander skoonheidsmiddels ses maande. Daarna het elke meisie 'n beurt gekry om na koning Ahasveros toe te gaan.

¹³Wanneer sy uit die vrouekwartiere na die koning se paleis toe gaan, kon elke meisie alles saamvat wat sy wou.

¹⁴Sy het in die aand in die paleis ingegaan en in die oggend is sy na die tweede stel vrouekwartiere toe onder die sorg van Saäsgas, die paleisbeampte wat oor die koning se byvrouens toesig gehou het. Sy kon nie weer na die koning toe gaan nie, behalwe as hy baie van haar gehou het en sy geroep word.

¹⁵Ester was die dogter van Abigajil, 'n oom van Mordegai wat haar as sy dogter aangeneem het. Toe haar beurt kom om na die koning toe te gaan, het sy niks meer gevra as wat Hegai, die paleisbeampte wat oor die koning se vrouens toesig gehou het, vir haar aanbeveel het nie. Sy het 'n goeie indruk gemaak op almal wat haar gesien het.

¹⁶Ester is na koning Ahasveros toe in die paleis geneem in die tiende maand, die maand Tebet, in die sewende regeringsjaar van die koning.

¹⁷Die koning het meer van Ester gehou as van enigeen van die ander vrouens en hy was meer in sy skik met haar as met enige ander jongmeisie. Hy het toe die kroon op haar kop gesit en haar koningin gemaak in die plek van Vasti.

¹⁸Die koning het toe 'n groot onthaal gegee vir al sy hoë amptenare en almal wat in sy diens was, 'n onthaal ter ere van Ester. Hy het die verpligtinge van sy onderdane in al die provinsies verminder en geskenke uitgedeel met koninklike vrygewigheid.

Mordegai red die koning se lewe

¹⁹In die tyd toe die jongmeisies daar bymekaar was, het nog iets gebeur: Mordegai het in die poort van die koning se paleis gesit,

²⁰en Ester het in dié stadium nog nie haar afkoms en haar volksverband bekend gemaak nie, soos Mordegai haar beveel het; sy het Mordegai se opdrag uitgevoer soos toe sy nog onder sy sorg was.

²¹In dié tyd, terwyl Mordegai in die poort van die paleis gesit het, het Bigtan en Teres, twee paleisbeamptes van die koning wat poortwagte was, verbitter geraak en saamgesweer om koning Ahasveros te vermoor.

²²Mordegai het dit te wete gekom en dit aan koningin Ester meegedeel. Ester het dit toe namens Mordegai aan die koning vertel.

²³Die saak is ondersoek en die berig is waar bevind, en die twee manne is aan 'n galg opgehang. Hierdie gebeurtenis is in die annale opgeteken in teenwoordigheid van die koning.

Ester 3

Haman wil al die Jode doodmaak

¹'n Tyd daarna het koning Ahasveros vir Haman seun van Hammedata die Agagiet vereer en hom bevorder. Hy het hom oor al sy ander amptenare aangestel.

²Op bevel van die koning moes al die dienaars van die koning wat in die poort van sy paleis was, kniel en aan Haman eer bewys. Mordegai het egter nie gekniel en aan hom eer bewys nie.

³Die dienaars van die koning wat in die poort van die paleis was, het vir Mordegai gevra: “Waarom oortree jy die bevel van die koning? ”

⁴Toe hulle dit dag vir dag vir hom vra, en hy hom nie aan hulle steur nie, het hulle dit vir Haman vertel, want hulle wou kyk of Mordegai sou volhard in sy houding. Hy het hulle naamlik laat verstaan dat hy 'n Jood is.

⁵Toe Haman sien dat Mordegai nie kniel en aan hom eer bewys nie, was hy woedend.

⁶Hy het ook gehoor wat Mordegai se volksverband is, en dit was vir hom nie genoeg om vir Mordegai alleen dood te maak nie: Haman het na 'n manier gesoek om al die Jode, die volk van Mordegai, in die hele koninkryk van Ahasveros uit te roei.

⁷In die eerste maand, die maand Nisan, in die twaalfde regeringsjaar van koning Ahasveros, is met die Pur, dit is met die lot, in die teenwoordigheid van Haman beslis om 'n geskikte datum te kry om die Jode uit te roei. Die lot het geval op die twaalfde maand, die maand Adar.

⁸Toe sê Haman vir koning Ahasveros: “Daar is 'n volk wat versprei is oor al die provinsies van u koninkryk en wat hulle self apart hou van die ander volke. Hulle gebruike verskil van al die ander nasies s'n en hulle gehoorsaam nie die wette van die koning nie. Dit is nie in die koning se belang om hulle te laat begaan nie.

⁹As u dit goedvind, vaardig 'n proklamasie uit om hulle uit te roei. Ek sal dan drie honderd twee en veertig ton silwer lewer aan u ontvangers van inkomste om dit in die skatkis te plaas.”

¹⁰Toe haal die koning sy seëlring van sy vinger af en gee dit vir die vyand van die Jode, vir Haman seun van Hammedata die Agagiet,

¹¹en sê vir hom: “Die silwer kan jy maar hou en met die volk kan jy maak wat jy wil.”

¹²Op die dertiende van die eerste maand is die koning se skrywers ontbied en het hulle alles geskryf wat Haman die verteenwoordigers van die koning, die goewerneurs van elke provinsie en die leiers van elke volk beveel het: aan elke

provinsie in sy eie skrif en aan elke volk in sy eie taal. Die proklamasie is geskryf in die naam van koning Ahasveros en verseël met sy ring.

¹³Briewe is met boodskappers gestuur na al die provinsies van die koning met die opdrag dat al die Jode voor die voet uitgeroei moet word, klein en groot, kind en vrou. Dit moes plaasvind op één bepaalde dag, die dertiende van die twaalfde maand, die maand Adar. Verder moes daar op hulle besittings beslag gelê word.

¹⁴Die proklamasie moes in elke provinsie as wet afgekondig word en moes aan alle mense bekend wees sodat hulle op dié bepaalde dag gereed kon wees.

¹⁵Die boodskappers het toe haastig vertrek ooreenkomstig die koninklike bevel. Die proklamasie is uitgevaardig in die vestingstad Susan. Die koning en Haman het toe gaan sit en drink, maar die stad self was in beroering.

Ester 4

Mordegai en Ester span saam teen Haman

¹Toe Mordegai hoor wat gebeur het, het hy sy klere geskeur en rouklere aangetrek en as op sy kop gegooi. Hy het deur die stad geloop en hard en bitterlik gekerm.

²So het hy tot by die poort van die paleis gegaan. Niemand kon met rouklere aan by die poort ingaan nie.

³In al die provinsies waar die besluit en die proklamasie van die koning bekend geword het, was daar groot smart onder die Jode. Hulle het gevas en gehuil en gekerm, en baie het rouklere aangetrek en in die as gaan lê.

⁴Toe koningin Ester se kamerpersoneel en haar paleisbeamptes haar van Mordegai kom vertel, was sy baie ontsteld. Sy het vir hom klere gestuur om aan te trek in die plek van sy rouklere, maar hy wou dit nie vat nie.

⁵Ester roep toe vir Hatak, een van die koning se paleisbeamptes wat in haar diens was, en beveel hom om na Mordegai toe te gaan en uit te vind wat aangaan en waarom hy so maak.

⁶Hatak het na Mordegai toe gegaan op die stadspaleis voor die poort van die paleis.

⁷Mordegai het hom alles vertel wat gebeur het, selfs van die presiese hoeveelheid silwer wat Haman onderneem het om aan die skatkis van die koning te lewer as hy die Jode mag doodmaak.

⁸Hy het ook vir Hatak 'n afskrif gegee van die proklamasie wat in Susan uitgevaardig is en waarvolgens die Jode doodgemaak moes word. Hatak moes dit aan Ester wys, haar alles vertel en haar versoek om na die koning toe te gaan. Sy moes hom om genade smee en vir haar volk intree.

⁹Hatak is toe terug na Ester toe en het Mordegai se woorde aan haar oorgedra.

¹⁰Sy het toe vir Hatak beveel om vir Mordegai te sê:

¹¹“Al die amptenare van die koning en die mense in die provinsies van die koning weet dat daar net een wet is vir enigeen, man of vrou, wat na die koning toe in die binneste voorhof gaan as hy nie ontbied is nie: hy word sonder meer doodgemaak. Die enigste uitsondering is dat die koning sy goue septer na so 'n persoon toe uitsteek; dan bly hy lewe. En dit is nou al dertig dae dat ek nie na die koning toe ontbied is nie.”

¹²Die boodskap van Ester is aan Mordegai oorgedra,

¹³en hy het haar geantwoord: “Moenie dink net jy van al die Jode sal vrykom omdat jy in die koning se paleis is nie.

¹⁴As jy nou swyg en daar kom van 'n ander kant af uitkoms en redding vir die Jode, sal jy en jou familie omkom. Wie weet, miskien is dit juis met die oog op 'n tyd soos hierdie dat jy koningin geword het! ”

¹⁵Ester het toe vir Mordegai laat weet:

¹⁶“Gaan maak al die Jode wat in Susan is, bymekaar en vas ter wille van my. Julle moet drie dae, dag en nag, niks eet en drink nie. Ek en my kamerpersoneel sal ook vas. Daarna sal ek na die koning toe gaan, al is dit teen die wet. As ek moet omkom, moet ek maar omkom.”

¹⁷Mordegai is toe weg en het alles gedoen wat Ester hom beveel het.

Ester 5

¹Op die derde dag het Ester haar koninklike klere aangetrek en in die binneste voorhof van die paleis gaan staan, regoor die ontvangsaal van die koning. Die koning was op die troon in die ontvangsaal regoor die ingang.

²Toe hy koningin Ester in die voorhof sien staan, het sy hom so bekoor dat hy die goue septer wat in sy hand was, na haar toe uitgesteek het. Ester het nader gekom en die punt van die septer aangeraak.

³Die koning sê toe vir haar: “Wat kan ek vir jou doen, koningin Ester? Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal vir jou gegee word.”

⁴Toe sê Ester: “As u dit goedvind, kom dan vandag saam met Haman na 'n maaltyd toe wat ek vir u voorberei het.”

⁵Die koning beveel toe: “Bring gou vir Haman dat ons kan doen wat Ester vra.” Die koning en Haman is toe na die maaltyd toe wat Ester voorberei het.

⁶Terwyl hulle wyn drink, vra die koning vir Ester: “Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word. Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van my koninkryk, dit sal toegestaan word.”

⁷Ester het geantwoord: “My wens en my versoek is soos volg:

⁸as die koning my goedgesind is, en as die koning dit goedvind om aan my wens te voldoen en my versoek toe te staan, kom dan môre saam met Haman na die maaltyd toe wat ek vir u sal berei. Dán sal ek my wens aan die koning bekend maak.”

⁹Haman het dié dag bly en opgeruimd weggegaan, maar toe hy vir Mordegai in die poort van die paleis sien sit, en Mordegai staan weer nie op om aan hom eer te bewys nie, was hy woedend vir Mordegai.

¹⁰Haman het egter sy humeur beteuel en huis toe gegaan. Toe het hy sy vriende en sy vrou Seres laat haal

¹¹en by hulle gespog oor sy groot rykdom en sy baie seuns, oor al die maniere waarop die koning hom vereer het en oor hoe die koning hom bevorder het bo al die ander hoë amptenare en onderdane van die koning.

¹²Verder het Haman gesê: “En dit is nie al nie, koningin Ester het selfs niemand behalwe vir my saam met die koning uitgenooi na die maaltyd wat sy voorberei het nie. Ek is ook vir môre saam met die koning deur haar uitgenooi.

¹³En tog bevredig dit alles my nie so lank ek die Jood Mordegai in die poort van die paleis sien sit nie.”

¹⁴Toe sê sy vrou Seres en al sy vriende: “Laat 'n galg van drie en twintig meter hoog bou en beveel môre by die koning aan dat hulle vir Mordegai daaraan moet ophang. Dan kan jy saam met die koning na die maaltyd toe gaan sonder dat iets jou hinder.” Haman het dit 'n goeie voorstel gevind en hy het die galg laat bou.

Ester 6

Die koning vereer vir Mordegai

¹Daardie nag kon die koning nie slaap nie en het hy opdrag gegee dat die annale gebring en aan hom voorgelees moet word.

²Daarin is toe opgeteken gevind dat dit Mordegai was wat vir Bigtan en Teres ontmasker het, twee paleisbeamptes van die koning wat poortwagte was en wat saamgesweer het om koning Ahasveros te vermoor.

³Toe vra die koning: “Watter eerbewys en erkenning het Mordegai hiervoor ontvang? ” Die kamerpersoneel van die koning het geantwoord: “Hy het niks ontvang nie.”

⁴Toe vra die koning: “Wie is in die voorhof? ” Net toe kom Haman aan in die buitenste voorhof van die paleis om by die koning aan te beveel dat Mordegai opgehang moet word aan die galg wat Haman vir hom opgerig het.

⁵Die dienaars van die koning sê toe vir hom: “Haman staan in die voorhof.” Toe sê die koning: “Laat hy inkom! ”

⁶Haman het binnegekom en die koning het hom gevra: “Wat moet gedoen word met iemand aan wie die koning baie graag eer wil bewys? ” Haman het gedink: aan wie anders as aan my sou die koning eer wou bewys?

⁷Toe antwoord hy die koning: “Met die man aan wie die koning graag eer wil bewys, moet soos volg gehandel word:

⁸daar moet 'n koninklike kleed gebring word wat die koning self aangehad het en 'n perd waarop die koning self gery het, 'n perd met die koninklike embleem op sy kop.

⁹Die kleed en die perd moet oorhandig word aan een van die hoogste amptenare van die koning, en dié moet die kleed aantrek vir die man aan wie die koning graag eer wil bewys. Die amptenare moet die man dan op die perd oor die stadsplein laat ry en voor hom uitroep: So word gemaak met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys! ”

¹⁰Toe sê die koning vir Haman: “Vat dadelik die kleed en die perd en maak soos jy voorgestel het met die Jood Mordegai wat in die poort van die paleis sit. Jy moet niks nalaat van wat jy voorgestel het nie.”

¹¹Haman het toe die kleed en die perd gevat, die kleed vir Mordegai aangetrek, hom oor die stadsplein laat ry en voor hom uitgeroep: “So word gemaak met iemand aan wie die koning graag eer wil bewys! ”

¹²Daarna is Mordegai terug na die poort van die paleis toe, maar Haman is haastig huis toe, ontnugter en skaam.

¹³Hy het vir sy vrou Seres en al sy vriende alles vertel wat met hom gebeur het. Sy raadgewers en sy vrou Seres sê toe: “As dit so is dat Mordegai, voor wie jy hierdie eerste vernedering ondergaan het, tot die Joodse volk behoort, sal jy nie kan standhou voor hom nie. Voor hom sal jy heeltemal ondergaan.”

¹⁴Terwyl hulle nog met hom praat, kom die paleisbeamptes van die koning en neem vir Haman vinnig na die onthaal toe wat Ester voorberei het.

Ester 7

Haman word om die lewe gebring

- ¹Die koning en Haman het by koningin Ester gekom om saam met haar te eet.
- ²Terwyl hulle by hierdie tweede geleentheid besig was om wyn te drink, vra die koning weer vir Ester: “Wat is dit wat jy wil vra? Dit sal vir jou gegee word. Wat is jou versoek? Al is dit ook die helfte van die koninkryk, dit sal toegestaan word.”
- ³Koningin Ester antwoord toe: “As die koning my goedgesind is, en die koning dit goedvind, laat my en my volk toe om te bly lewe. Dit is my wens en my versoek.
- ⁴Ek vra dit, want ons, ek en my volk, is verkoop om voor die voet uitgeroei te word. Was ons maar net as slawe en slavinne verkoop, sou ek stilgebly het, want dan sou die ramp nie soveel skade aan die koning se belange veroorsaak het nie.”
- ⁵Toe vra koning Ahasveros vir koningin Ester: “Wie is dit wat so iets beplan, en waar is hy? ”
- ⁶en Ester antwoord: “Die teëstander en vyand is hierdie lae mens, hierdie Haman.” Haman het groot geskrik daar in teenwoordigheid van die koning en koningin.
- ⁷Die koning het woedend van die ete af opgestaan en na die tuin van die paleis toe gegaan. Haman het egter bly staan om by koningin Ester om sy lewe te smeek, want hy het gesien dat die koning klaar oor sy ondergang besluit het.
- ⁸Net toe Haman neerval op die rusbank waarop Ester sit, kom die koning uit die tuin van die paleis terug in die saal waar die maaltyd gegee is. Toe sê die koning: “Wil jy nou ook nog die koningin hier by my in die paleis aanrand? ” Skaars het die koning dit gesê, of sy dienaars het vir Haman kom blinddoek.
- ⁹Garbona, een van die koning se paleisbeamptes, sê toe: “Daar is mos reeds by Haman se huis 'n galg van drie en twintig meter hoog wat hy laat oprig het vir Mordegai wat destyds in belang van die koning gepraat het.” Toe sê die koning: “Hang hom daaraan op! ”

¹⁰Hulle het Haman toe opgehang aan die galg wat hy vir Mordegai laat bou het. Daarna het die woede van die koning bedaar.

Ester 8

Die Jode kry die reg om hulle te verdedig

¹Dieselfde dag het koning Ahasveros die eiendom van Haman, die vyand van die Jode, vir koningin Ester gegee. Ester het aan die koning vertel hoe Mordegai aan haar verwant is, en hy het toe voor die koning verskyn.

²Die koning het sy seëlring afgehaal wat hy by Haman teruggevat het, en dit aan Mordegai gegee. Ester het toe vir Mordegai oor die eiendom van Haman aangestel.

³Ester het weer met die koning gepraat. Sy het voor hom gekniel, gehuil en hom om genade gesmeek. Sy het hom gevra om die bose plan wat Haman die Agagiet teen die Jode beraam het, ongedaan te maak.

⁴Die koning het die goue septer na Ester toe uitgesteek, en sy het voor hom gaan staan

⁵en gesê: “As die koning dit goedvind, as u my goedgesind is, en as dit vir u reg lyk en u van my hou, laat skryf dan ander briewe om die briewe met die plan van Haman seun van Hammedata die Agagiet te herroep. Hy het daarin geskrywe dat die Jode in al die provinsies van u ryk uitgeroei moet word.

⁶Hoe sou ek kon toekyk as my volk deur so 'n ramp getref word? Hoe sou ek kon toekyk as my familie uitgeroei word? ”

⁷Koning Ahasveros het toe vir koningin Ester en vir die Jood Mordegai gesê: “Kyk, ek het Haman se eiendom vir Ester gegee en hom laat ophang aan die galg omdat hy die Jode wou uitroei.

⁸Skryf julle dan nou maar wat julle goeddink aan die Jode. Skryf dit in my naam en verseël dit met my seëlring. 'n Proklamasie wat in die naam van die koning geskryf is en met sy seëlring verseël is, kan egter nie herroep word nie.”

⁹Toe is die skrywers van die koning dadelik ontbied. Dit was op die drie en twintigste van die derde maand, die maand Siwan. Hulle het alles neergeskryf

wat Mordegai die Jode, die verteenwoordigers van die koning, die goewerneurs en die leiers in die honderd sewe en twintig provinsies van Indië af tot by Kus wou beveel. Hulle het aan elke provinsie in sy eie skrif geskryf en aan elke volk in sy eie taal. Ook aan die Jode het hulle in hulle eie skrif en taal geskryf.

¹⁰Mordegai het geskryf in die naam van koning Ahasveros en die briewe verseël met die seëlring van die koning. Die briewe is uitgestuur met boodskappers op resiesperde uit die koninklike stalle.

¹¹Die briewe het gelui dat die koning aan die Jode in alle stede die reg gee om bymekaar te kom en hulle te verdedig. Hulle kon enige gewapende mag van enige volk of provinsie deur wie hulle bedreig word, voor die voet uitroei, ook kinders en vrouens, en op almal se besittings beslag lê.

¹²Dit alles kon hulle doen in al die provinsies van koning Ahasveros op één bepaalde dag, die dertiende van die twaalfde maand, die maand Adar.

¹³Die proklamasie moes in elke provinsie as wet afgekondig word en moes aan alle mense bekend wees, sodat die Jode op dié bepaalde dag gereed kon wees om hulle op hulle vyande te wreek.

¹⁴Die boodskappers op die perde uit die koninklike stalle het toe baie haastig vertrek ooreenkomstig die koninklike bevel. Die proklamasie is uitgevaardig in die vestingstad Susan.

¹⁵Mordegai het van die koning af weggegaan in 'n koninklike kleed van blou en wit linne, met 'n groot goue kroon op, en 'n mantel van fyn linne en pers stof aan. Die stad Susan het gejubel en gejuig.

¹⁶Vir die Jode was daar weer lig en vreugde en blydschap en 'n gevoel van eiewaarde.

¹⁷In elke provinsie en in elke stad, orals waar die besluit en proklamasie van die koning bekend geword het, was daar vreugde en blydschap onder die Jode. Hulle het maaltye gehou en feesgevier. Ook het baie mense uit die ander volksgroepe Jode geword omdat hulle skrikbevange was vir die Jode.

Ester 9

Die Jode maak hulle vyande dood

¹Die dertiende van die twaalfde maand, die maand Adar, het aangebreek. Dit was die dag waarop die besluit en proklamasie van die koning moes uitgevoer word, die dag waarop die vyande van die Jode gehoop het om hulle te oorweldig. Die omgekeerde het egter gebeur: die Jode het hulle vyande oorweldig.

²Die Jode het bymekaargekom in hulle stede in al die provinsies van koning Ahasveros om hulle te verdedig teen almal wat hulle ondergang seek. Niemand kon voor hulle standhou nie, al die volke was skrikbevange vir hulle.

³Al die leiers in die provinsies, die verteenwoordigers van die koning, die goewerneurs en die ander in diens van die koning het die Jode gesteun omdat hulle bang was vir Mordegai,

⁴want hy het 'n hoë posisie aan die hof bekleed. Dit het deur al die provinsies bekend geword dat hierdie Mordegai al hoe meer mag gekry het.

⁵Die Jode het onder al hulle vyande 'n groot slagting met die swaard aangerig, hulle het hulle doodgemaak en uitgeroei. Hulle het met almal wat vir hulle haat, gemaak wat hulle wou.

⁶In die vestingstad Susan het die Jode vyf honderd man doodgemaak.

⁷Hulle het ook vir Parsandata, Dalfon, Aspata,

⁸Porata, Adalja, Aridata,

⁹Parmasta, Arisai, Aridai en Wajesata,

¹⁰die tien seuns van Haman, seun van Hammedata en vyand van die Jode, doodgemaak. Op hulle besittings het hulle egter nie beslag gelê nie.

¹¹Dieselfde dag nog het die koning berig gekry van die getal mense wat in die stad Susan doodgemaak is.

¹²Hy sê toe vir koningin Ester: “In die stad Susan het die Jode vyf honderd man doodgemaak, en ook die tien seuns van Haman. Wat sou hulle nog in die ander

provinsies van my ryk gedoen het! Is daar iets wat jy nog wil vra? Dit sal aan jou gegee word. Het jy 'n verdere versoek? Dit sal uitgevoer word.”

¹³Ester sê toe: “As die koning dit goedvind, laat die Jode in Susan toe om ook môre te doen wat hulle vandag kon doen. En laat die lyke van die tien seuns van Haman aan die galg ophang.”

¹⁴Die koning het bevel gegee dat dit gedoen moet word, en so 'n proklamasie is in Susan uitgevaardig. Ook is die lyke van die tien seuns van Haman opgehang.

¹⁵Die Jode in Susan het toe ook op die veertiende van die maand Adar bymekaargekom. Hulle het in Susan nog drie honderd man doodgemaak, maar nie op hulle besittings beslag gelê nie.

¹⁶Die Jode in die ander provinsies van die ryk het intussen bymekaargekom en hulle verdedig. Hulle het die bedreiging deur hulle vyande afgeweer en van hulle haters vyf en sewentig duisend man doodgemaak, maar nie op hulle besittings beslag gelê nie.

¹⁷Dit het gebeur op die dertiende van die maand Adar. Op die veertiende van die maand het hulle gerus en dit 'n dag van feesviering en vreugde gemaak.

¹⁸Die Jode in Susan het egter op die dertiende én op die veertiende van die maand bymekaargekom. Hulle het eers op die vyftiende van die maand gerus en dit 'n dag van feesviering en vreugde gemaak.

¹⁹Daarom maak die Jode op die platteland en dié wat in die klein dorpies woon, die veertiende van die maand Adar 'n dag van vreugde en feesviering, 'n feesdag waarop hulle aan mekaar eetgoed stuur.

Die Purimfees

²⁰Mordegai het hierdie gebeure laat neerskryf en briewe gestuur aan al die Jode in al die provinsies van koning Ahasveros, naby en ver,

²¹en die Jode gelas om voortaan elke jaar die veertiende en die vyftiende van die maand Adar te vier

²²as dae waarop die Jode die bedreiging deur hulle vyande afgeweer het. Dit is die maand waarin hulle angs in blydschap verander het en hulle rou in feestelikeheid. Hulle moes dit dae van feesviering en vreugde maak en aan mekaar eetgoed en aan die armes geskenke stuur.

²³So het die Jode na aanleiding van Mordegai se brief aan hulle die gebruik waarmee hulle begin het, as 'n vaste gebruik aanvaar.

²⁴Haman seun van Hammedata die Agagiet en vyand van al die Jode, het naamlik planne gemaak om die Jode uit te roei, en hy het met die Pur, dit is met die lot, beslis om 'n geskikte dag te kry waarop hy verskrikking oor hulle sou bring en hulle sou uitroei.

²⁵Toe dit egter aan die koning bekend word, het hy skriftelik opdrag gegee dat Haman self die slagoffer moet word van die bose plan wat hy teen die Jode beraam het. Hy en sy seuns is aan die galg opgehang.

²⁶Dit is waarom hierdie feesdae Purim genoem word, na die woord Pur. Na aanleiding van alles wat in daardie brief van Mordegai geskryf is en wat hulle self van die gebeure gesien en belewe het,

²⁷het die Jode dit op hulle geneem en hulle en hulle nakomelinge en almal wat by hulle sou aansluit, onherroeplik verbind om voortaan elke jaar hierdie twee dae te vier. Dit moes telkens op die voorgeskrewe wyse en op die voorgeskrewe tyd plaasvind.

²⁸Hierdie dae moes herdenk en gevier word in elke geslag en in elke familie, in elke provinsie en in elke stad. Hierdie dae van die Purim mag nie afgeskaf word onder die Jode nie en hulle nakomelinge mag nooit daarvan vergeet nie.

²⁹Koningin Ester, dogter van Abigajil, en die Jood Mordegai het met hulle volle gesag in 'n tweede brief die reëlins oor die Purim bevestig.

³⁰Mordegai het briewe gestuur aan al die Jode in die honderd sewe en twintig provinsies van koning Ahasveros, hulle voorspoed toegewens en hulle van sy goeie trou verseker.

³¹Hy het hulle gelas om hierdie dae van die Purim op die vasgestelde tyd te hou, soos hy, die Jood Mordegai, en koningin Ester dit vir hulle bepaal het, en soos hulle hulleself en hulle nakomelinge daartoe verbind het. Daar was ook voorskrifte oor hoe hulle moes vas en na God om hulp moes roep.

³²Dit was op Ester se bevel dat die voorskrifte vir hierdie Purimdae vasgestel is. Dit is toe in 'n boek neergeskryf.

Ester 10

Mordegai beywer hom vir sy mense

¹Koning Ahasveros het die vasteland sowel as die eilande dwangarbeid laat doen.

²Al die groot en magtige dinge wat hy gedoen het en die volle verhaal oor die hoë pos waarin hy vir Mordegai bevorder het, is opgeteken in die annale van die konings van Medië en Persië.

³Die Jood Mordegai was tweede in bevel onder koning Ahasveros. Hy was hoog in aansien by die Jode en gewild by al sy volksgenote. Hy het hom vir die welvaart van sy mense beywer en die veiligheid van al hulle nakomelinge verseker.

Job

Job 1

Job word deur rampe getref

¹In die land Us was daar 'n man met die naam Job. Hy was vroom en opreg en het God gedien en die kwaad vermy.

²Hy het sewe seuns en drie dogters gehad

³en was ook die eienaar van sewe duisend stuks kleinvee, drie duisend kamele, vyf honderd paar trekosse, vyf honderd donkies en baie slawe. Onder die mense in die ooste was hy die belangrikste man.

⁴Sy seuns het om die beurt partytjies gehou in mekaar se huise. By sulke geleenthede het hulle dan hulle drie susters genooi om saam met hulle fees te vier.

⁵Ná so 'n reeks partytjies het Job dan sy seuns en dogters beveel om hulle vir die bring van offers te reinig, en vroeg die môre het hy vir hulle almal 'n brandoffer gebring, “want,” het Job gesê: “miskien het my kinders gesondig en God in hulle gedagtes gevloek.” Job het dit elke keer gedoen.

⁶Op 'n dag het die hemelwesens voor die Here kom staan, en die Satan was ook onder hulle.

⁷Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan? ” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.”

⁸Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom raakgesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad.”

⁹Toe antwoord die Satan die Here: “Dit is nie sonder rede dat Job U dien nie!

¹⁰U beskerm hom dan, en sy huis en al sy goed. U maak alles wat hy doen, voorspoedig. Selfs sy vee teel vinnig aan.

¹¹Maar raak nou net aan sy besittings en kyk of hy U nie in u gesig vervloek nie.”

¹²Toe sê die Here vir die Satan: “Alles wat hy het, gee Ek in jou mag oor. Net aan hom self mag jy nie raak nie.” Die Satan het daarna van die Here af weggegaan.

¹³En eendag, toe Job se seuns en dogters besig was om te eet en wyn te drink in hulle oudste broer se huis,

¹⁴kom 'n boodskapper by Job met die nuus: “Die osse was aan die ploeg, en die donkies het langsaan gewei.

¹⁵Toe oorval mense uit Skeba ons en hulle roof alles en maak die slawe dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

¹⁶Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Weerlig het die kleinvee en hulle wagters doodgeslaan en verbrand. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

¹⁷Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “Drie groepe Galdeërs het die kamele geroof en is daarmee weg nadat hulle die slawe doodgemaak het. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

¹⁸Hy was nog aan die praat, toe kom daar nog een met die nuus: “U seuns en dogters was besig om te eet en wyn te drink in die huis van hulle oudste broer.

¹⁹Meteens het daar 'n sterk wind van die woestyn se kant af opgekom en die huis van al vier kante af op u kinders omgewaai. Almal is dood. Net ek het weggekom om dit vir u te vertel.”

²⁰Toe het Job opgestaan en sy klere geskeur. Hy het ook sy hare afgeskeer. Daarna het hy op die grond gaan lê en gesê:

²¹“Sonder iets het ek in die wêreld gekom en sonder iets gaan ek daaruit. Die Here het gegee en die Here het geneem. Prys die Naam van die Here.”

²²Onder alles het Job nie gesondig of God iets verwyd nie.

Job 2

Die Satan tref vir Job met pynlike swere

¹Toe die hemelwesens weer op 'n dag voor die Here kom staan, het die Satan ook tussen hulle voor die Here kom staan.

²Toe vra die Here vir hom: “Waar kom jy vandaan? ” En die Satan antwoord die Here: “Ek het die wêreld deurkruis.”

³Die Here vra toe vir die Satan: “En my dienaar Job, het jy hom nou gesien? Sy gelyke kry jy nie op aarde nie: hy is vroom en opreg, hy dien My en vermy die kwaad. Hy het vroom gebly, al het jy My daartoe gebring om hom sonder rede te ruïneer.”

⁴Die Satan sê toe vir die Here: “Dit bewys nog niks. 'n Man sal mos alles gee wat hy het, as hy net kan bly lewe.

⁵Maar raak nou net aan sy liggaam en kyk of hy U dan nie in u gesig vervloek nie.”

⁶Toe sê die Here vir die Satan: “Goed, hy is in jou mag. Net sy lewe mag jy nie neem nie.”

⁷Die Satan het van die Here af weggegaan en vir Job met pynlike swere getref, van sy kop tot sy tone.

⁸Job het op 'n ashoop gaan sit en hy het 'n potskerf gevat en hom daarmee gekrap.

⁹En sy vrou het vir hom gesê: “Bly jy nog steeds vroom? Vervloek God en sterf!”

¹⁰Toe sê hy vir haar: “Jy praat nou soos 'n vroumens sonder verstand. As ons die goeie van God aanvaar, moet ons nie ook die slegte aanvaar nie? ” Onder alles het Job met geen woord gesondig nie.

Job vervloek sy geboortedag voor sy vriende

¹¹Drie van Job se vriende het verneem van al die rampe wat hom oorgekom het. Hulle het elkeen van sy eie plek af gekom, Elifas uit Teman, Bildad uit Suag en Sofar uit Naäma. Hulle het afgespreek om deelneming met hom te betuig en hom te troos.

¹²Toe hulle hom op 'n afstand sien, het hulle hom eers nie herken nie. Daarna het hulle hardop begin huil, hulle klere geskeur en stof in die lug en op hulle koppe gegooi.

¹³Sewe dae en sewe nagte lank het hulle op die grond by hom gesit sonder om 'n woord met hom te praat, want hulle het gesien dat sy smart baie groot is.

Job 3

¹Toe het Job begin praat en sy geboortedag vervloek.

²Hy het gesê:

³“Die dag waarop ek gebore is, moes nooit aangebreek het nie, die nag toe gesê is 'n seuntjie het in die wêreld gekom.

⁴Daardie dag moes net donkerte gewees het; God daarbo moes dit nie eens raakgesien het nie; geen lig moes dié dag deurbreek het nie.

⁵Donkerte en duisternis moes dit opgeëis het, wolke moes daaroor togetrek het, sonsverduistering moes dit oorval het.

⁶Die donkerte moes daardie nag ingesluk het, dit moes nooit ingereken gewees het by die dae van die jaar nie, dit moes nooit bygevoeg gewees het by die berekening van die maande nie.

⁷“Ja, daardie nag moes niemand gebore gewees het nie, daar moes geen blydskap gewees het nie.

⁸Wie dae vervloek, moes ook dié dag vervloek het, hulle moes die Leviatan aangehits het om dit te vernietig.

⁹Die môrester moes verduister gewees het, hy moes tevergeefs gewag het op die lig en nooit die dag sien breek het nie,

¹⁰want hy het nie gekeer dat ek gebore word nie, my hierdie smart nie gespaar nie.

¹¹Waarom het ek nie by my geboorte gesterf nie, net toe ek gebore is, my laaste asem uitgeblaas nie?

- ¹²Waarom was daar knieë om my op neer te sit, borste om my te voed?
- ¹³Anders kon ek nou stil in die graf gelê het, rustig in die dood geslaap het
- ¹⁴saam met konings en hulle raadgewers wat puinhoop herbou het,
- ¹⁵of saam met vorste wat goud besit het, wat hulle huise vol silwer gemaak het.
- ¹⁶“Waarom was ek nie maar 'n misgeboorte wat sonder meer begrawe is nie, 'n doodgebore kind wat nooit die daglig gesien het nie?
- ¹⁷Dan sou ek daar gewees het waar die goddeloses nie meer kwaad stook nie, waar dié wat gedaan is, rus vind,
- ¹⁸waar die gevangenes saam rus geniet en nie meer die stem van die slawedrywer hoor nie;
- ¹⁹daar waar klein en groot saam is, waar die slaaf vry is van sy eienaar.
- ²⁰“Waarom moes God dan die lewenslig gee aan 'n man wat net swaar kry, waarom moes Hy lewe gee aan 'n man wat so bitter ly,
- ²¹aan iemand wat tevergeefs hunker na die dood, wat daarna soek soos na 'n verborge skat,
- ²²wat maar te bly sou wees om in 'n graf te kom en daaroor sou jubel?
- ²³“Waarom die lewenslig gee aan 'n man wat vir hom geen pad vorentoe sien nie, 'n man vir wie God van alles afgesny het?
- ²⁴“Ek kan nie eet van die pyn nie, ek kan nie ophou kreun nie.
- ²⁵Wat ek gevrees het, het oor my gekom; waarvoor ek bang was, het my getref.
- ²⁶Ek het geen rus en geen vrede nie, geen verposing nie, net angs.”

Job 4

Elifas: Wie het onskuldig te gronde gegaan?

- ¹Toe sê Elifas die Temaniet:
- ²“Sal dit jou vermoei as iemand met jou redeneer? Ek kan nie stilbly nie.

³Jy het self baie mense reggehelp en dié wat moed verloor het, het jy weer moed ingepraat.

⁴Jou woorde het dié wat struikel, opgebeur, dié wat wou val, het jy weer opgehelp.

⁵Nou het die ramp jou getref, en jy is platgeslaan; dit het jou oorgekom, en jy is verslae.

⁶Betekén dit dan vir jou niks dat jy God gedien het nie, gee jou vrome lewe jou geen hoop nie?

⁷“Dink daarvoor na: het iemand ooit onskuldig te gronde gegaan? Waar is regverdiges ooit uitgewis?

⁸Ek het ondervind: dié wat onreg plant en moeilikheid saai, oes dit ook.

⁹Deur die toorn van God gaan hulle te gronde, deur sy woede gaan hulle tot niet.

¹⁰Hulle is soos leeus, maar hoe 'n leeu ook al brul of grom, as sy tande uitgebreek word,

¹¹gaan selfs die sterkste leeu dood van die honger en kom sy kleintjies om.”

Elifas: Kan 'n mens ooit onskuldig wees in die oë van God?

¹²“'n Woord het geheimsinnig by my gekom, my oor het die fluistering daarvan opgevang.

¹³In die tyd wanneer ander diep slaap, is ek ontstel deur 'n gesig in die nag.

¹⁴Vrees en angs het my oorval, my liggaam het verskriklik gebewe.

¹⁵'n Gees het voor my verby gesweef, en my hare het orent gaan staan.

¹⁶“Die gees het stil gaan staan. Hoe hy lyk, kon ek nie sien nie, daar was net 'n gedaante voor my. Dit was stil en toe hoor ek 'n stem:

¹⁷“Kan 'n mens ooit onskuldig wees in die oë van God en sonder blaam voor sy Maker staan?

¹⁸In sy hemelse dienaars stel Hy geen vertrouwe nie, voor Hom is selfs sy engele vol gebreke,

¹⁹hoeveel te meer hulle wat in huise van klei woon, mense wat uit stof opgebou is, mense wat soos 'n mot pap gedruk kan word.

²⁰Tussen oggend en aand word hulle vernietig, hulle verdwyn vir altyd en word vergeet,

²¹hulle gaan tot niet, hulle sterf sonder dat hulle wysheid verwerf het.'

Job 5

¹Roep maar! Niemand sal jou antwoord nie. Is daar selfs 'n engel na wie jy jou sou kon wend om hulp?

²"Verbitterdheid maak 'n dwaas dood, onbeheerstheid vernietig 'n onverstandige.

³Ek het gesien dat 'n dwaas wortel skiet, maar skielik tref 'n ramp sy huis

⁴en daar is geen hulp vir sy kinders nie; hulle word veronreg in die hof en niemand behartig hulle saak nie.

⁵"Wat 'n dwaas geoes het, word deur honger mense opgeëet; hulle haal dit uit selfs waar dit tussen die dorings weggepak is. Dié wat niks het nie, gryp gretig na sy besittings.

⁶Ellende kom nie sommerso uit die grond uit op nie, swaarkry skiet nie sommer uit die aarde uit op nie.

⁷Die mens is vir swaarkry gebore, en sy lewe is kortstondig soos 'n vonk wat opskiet."

Elifas: God maak gesond

⁸"As ek jý was, sou ek my tot God wend en my saak aan Hom voorlê.

⁹Wat God doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder.

¹⁰Dit is Hy wat reën op die aarde gee, wat water oor die veld uitgiet.

¹¹Dit is Hy wat die vertraptes weer optel, wat uitkoms gee aan dié wat ly.

¹²Dit is Hy wat die planne van slinkse mense verydel sodat hulle niks blywends tot stand bring nie.

¹³Hy vang die slimmes met hulle eie slinkse planne; wat geslepe mense besluit, maak Hy gou tot niet.

¹⁴Helder oordag oorval die donkerte hulle, in die middel van die dag tas hulle rond asof dit nag is.

¹⁵Dit is God wat die arm mens red van hulle vals beskuldigings en uit die mag van die sterkes.

¹⁶So is daar hoop vir die behoeftige en kom die onreg tot 'n einde.

¹⁷“Dit gaan goed met die mens wat deur God tereggewys word. Jy moet nie die bestraffing van die Almagtige verontagsaam nie.

¹⁸Dit is Hy wat wonde toedien, maar Hy verbind hulle weer, wat seer slaan, maar Hy maak weer met sy eie hand gesond.

¹⁹Al tref 'n ramp jou ses of sewe keer, Hy sal jou red, selfs 'n hoeveelste keer sal dit jou geen kwaad aandoen nie.

²⁰In hongersnood sal Hy jou red van die dood, in oorlog sal Hy jou red van die swaard.

²¹Jy sal beskerm word teen venynige tonge; en as daar rampe kom, hoef jy nie bang te wees nie.

²²Onder rampe en in hongersnood sal jy opgewek bly, en vir die wilde diere hoef jy nie bang te wees nie.

²³Van die klippe in die veld sal jy geen las hê nie, en met die wilde diere sal jy in vrede leef.

²⁴Jy sal ondervind dat jou woonplek veilig is, en jy sal jou weiveld besoek en niks mis nie.

²⁵Jy sal 'n groot nageslag hê, jou nakomelinge sal so veel wees soos die gras in die veld.

²⁶Jy sal op rype ouderdom die graf ingaan soos 'n gerf wat op sy tyd na die dorsvloer toe gebring word.

²⁷“Kyk, dit het ons ontdek, so is dit, luister daarna en neem dit ter harte.”

Job 6

Job: Ek weet nie meer raad nie

¹Toe het Job weer gepraat:

²“As my bittere ellende maar geweeg kon word, as die ongeluk wat my getref het, op 'n skaal gesit kon word,

³sou dit swaarder weeg as die sand van die see. Daarom het ek nie gedink wat ek sê nie.

⁴Die pyle van die Almagtige deurboor my, ek word geleidelik deur hulle vergiftig. Verskrikkinge van God bedreig my.

⁵Balk 'n wildedonkie as hy by gras kom? Bulk 'n bees by sy voer?

⁶Eet 'n mens smaaklose kos, kos sonder sout? Het die wit van 'n eier enige smaak?

⁷“Ek raak nie aan sulke kos nie, dit maak my siek.

⁸Ag, mag my gebed verhoor word, mag God vir my gee wat ek begeer:

⁹mag Hy dit goeddink om my te vernietig, om my lewe met sy hand af te kap!

¹⁰Dan sou ek nog dié troos hê, die vreugde in die pyn wat Hy my nie gespaar het nie: dat ek die woorde van die Heilige nie geminag het nie.

¹¹“Het ek nog die krag om dit uit te hou? Kan ek nog geduldig op my einde wag?

¹²Is ek dan so sterk soos klip, is ek van brons gemaak?

¹³Self is ek tot niks in staat nie. Ek weet nie meer raad nie.

¹⁴“Wie medelye met 'n vriend beskou as 'n las, het die eerbied vir die Almagtige verwerp.

- ¹⁵My vriende is so onbetroubaar soos die water van 'n spruit, soos 'n droë loop waarin vloedwaters afkom,
- ¹⁶vol modder en hael, met sneeu wat bo-op dryf,
- ¹⁷maar wat na 'n tyd afloop en verdwyn en wegraak as dit warm word.
- ¹⁸Reisigers draai af na die spruit toe, maar beland in 'n droë wêreld en kom om.
- ¹⁹Reisigers van Tema af is op die uitkyk na water, dié wat van Skeba af kom, vestig hulle hoop daarop,
- ²⁰maar hulle hoop word beskaam, hulle kom by die spruit, en daar is niks.
- ²¹“Só het julle vir my geword. Julle het skaars my treurige toestand gesien of julle skrik.
- ²²Het ek ooit vir julle gesê: ‘Gee vir my iets of koop iemand vir my om met julle geld,
- ²³red my van 'n vyand of koop my los uit die mag van verdrukkers’?
- ²⁴Help my om te verstaan, dan sal ek stilbly, sê my waar ek verkeerd gedoen het.
- ²⁵Opregte woorde maak nie seer nie, maar 'n bestraffing deur julle is geen bestraffing nie.
- ²⁶Wil julle my bestraf oor wat ek gesê het, beskou julle die woorde van 'n wanhopige as blote wind?
- ²⁷Julle trek lootjies selfs oor 'n weeskind en verkwansel julle vriend vir wins.
- ²⁸Maar kyk nou na my geval, ek sal tog nie in julle gesig vir julle lieg nie.
- ²⁹Besin julle, moenie dat daar onreg geskied nie, besin julle, my saak is reg.
- ³⁰Het ek onreg gepleeg met wat ek gesê het, weet ek nie wat 'n ramp is nie? ”

Job 7

Job: Wat is die mens?

- ¹“Is 'n mens se lewe op aarde nie maar harde arbeid nie, en sy dae soos dié van 'n dagloner nie?
- ²Sy lewe is soos dié van 'n slaaf wat smag na koelte, soos dié van 'n dagloner wat verlang na betaaltyd.
- ³So bring ek my maande deur met swaarkry, my nagte is net smart.
- ⁴As ek gaan slaap, dink ek: wanneer kan ek opstaan? Maar die nag sleep stadig verby en ek rol rusteloos rond tot dagbreek toe.
- ⁵My liggaam is oortrek van wurms, vol rowe en stof, my vel is vol barste en dit etter aanhoudend.
- ⁶My dae loop vinnig soos 'n wewerspoel, die draad raak gou op.
- ⁷Dink daaraan, o God, dat my lewe maar net 'n asempie is; ek sal nooit weer voorspoed beleef nie.
- ⁸Die oë wat my nou sien, sal my nie weer sien nie: U sal nog so na my kyk, dan is ek nie meer daar nie.
- ⁹Soos 'n wolk weggaan en verdwyn, so gaan 'n mens dood en kom nie terug nie,
- ¹⁰hy kom nooit terug na sy huis toe nie, en sy plek is vir altyd leeg.
- ¹¹“Nee, ek kan nie stilbly nie, in my beproewing wil ek praat, in my bitter lyding wil ek kla.
- ¹²Is ek dan die see dat U my aan bande wil lê, of 'n seemonster dat U my laat bewaak?
- ¹³As ek dink dat my bed my sal troos of dat ek verligting van die pyn sal kry as ek lê,
- ¹⁴dan verskrik U my in my drome, en oorval U my met nagmerries,
- ¹⁵sodat ek eerder verwurg en dood sou wou wees as om te lewe.
- ¹⁶Ek wil nie meer nie, ek sal tog nie vir altyd lewe nie; laat my staan; my lewe is niks meer werd nie.

- ¹⁷“Wat is die mens dat U soveel van hom maak, dat U hom so op die hart dra,
¹⁸dat U hom van dag tot dag toets, hom van oomblik tot oomblik op die proef stel?
¹⁹Wil U nie van my af wegkyk en my 'n oomblikkie laat asem skep nie?
²⁰As ek gesondig het, wat kan ek teen U uitrig, U wat die mens gedurig oppas? Waarom het U my u teiken gemaak? Waarom moet ek vir U 'n las wees?
²¹Waarom vergewe U dan nie my sonde en vergeet wat ek verkeerd gedoen het nie? Binnekort sal ek in die graf lê, U sal my soek, maar ek sal nie meer lewe nie.”

Job 8

Bildad: Sal God die reg verdraai?

- ¹Toe sê Bildad die Suagiet:
²“Hoe lank gaan jy nog so praat? Jou woorde kom soos 'n orkaan.
³Sal God die reg verdraai, sal die Almagtige verdraai wat reg is?
⁴As jou kinders teen Hom gesondig het, het Hy hulle vir hulle oortredings gestraf.
⁵As jy na die wil van God vra en die Almagtige om genade smeek,
⁶as jy vlekkeloos is en reg het, sal Hy jou weer in sy sorg neem en jou gesond in jou huis terugbring.
⁷Die vermoë wat jy besit het, sal niks wees teen die rykdom wat jy later sal besit nie.
⁸Vra na die bevindings van die voorgeslagte, rig jou na die insigte van die voorvaders,
⁹want ons is maar net van gister, ons weet niks, ons dae is so vlugtig soos 'n skaduwee op die grond.
¹⁰Leer uit wat jou voorgeslag gesê het. Hulle het met insig verklaar:
¹¹“Groei riet waar daar nie 'n moeras is nie, vleigras waar daar nie water is nie?

¹²Dit spruit wel uit, maar dit is nog nie eers afgesny nie, dan verdroog dit al vinniger as enige ander soort gras.'

¹³"So gaan dit met hulle wat vir God vergeet. Daar is geen hoop vir die godlose nie.

¹⁴Hy vertrou op 'n dun draadjie, hy maak op 'n spinnerak staat.

¹⁵As hy teen sy huis leun, val dit om, hy gryp daarna, maar dit bly nie staan nie.

¹⁶Hy is soos 'n welige plant in die son: hy rank oral oor die tuin,

¹⁷hy vleg sy wortels om die klippe, en klou vas aan die klipmuur.

¹⁸Maar as iemand hom uitroei, is daar niks van hom oor nie.

¹⁹So kom hy tot sy einde en in sy plek kom daar 'n ander.

²⁰"God verwerp nooit die opregte nie en staan ook nie dié by wat onreg doen nie.

²¹Hy sal jou weer vreugde gee, jou van blydskap laat jubel.

²²Dié wat jou haat, sal met smaad bedek word; van die goddeloses bly daar niks oor nie."

Job 9

Job: Die wysheid en krag van God is groot

¹Toe het Job weer gepraat:

²"Ek weet dit is soos jy sê: Wie kan sy saak teen God wen?

³As jy 'n saak teen Hom sou wou voer, sou jy Hom nie eers op een vraag uit duisend kon antwoord nie.

⁴Die wysheid en krag van God is groot: wie kan Hom teëstaan en niks oorkom nie?

⁵Hy verskuif berge sonder dat hulle dit self agterkom; in sy toorn maak Hy hulle tot niet.

⁶Hy laat die aarde ruk, weg van sy fondamente af, en sy pilare bewe.

⁷Hy gee opdrag aan die son en dit kom nie op nie, Hy verseël die sterre en hulle skyn nie.

⁸Hy het die hemel soos 'n tent gespan, Hy alleen, en Hy hou die golwe van die see in bedwang.

⁹Hy het die Beer en Orion gemaak, die Sewester en die sterrebeelde in die suide.

¹⁰Wat Hy doen, is groot en ondeurgrondelik, wonder op wonder.

¹¹“As Hy by my verbygaan, gewaar ek Hom nie, Hy sweef verby, maar ek kom dit nie agter nie.

¹²As Hy op iets beslag wil lê, wie sal Hom keer? Wie sal vir Hom sê: ‘Wat doen U?’

¹³God hou sy toorn nie terug nie: Rahab se helpers lê platgeslaan voor Hom.

¹⁴Sou ek kon antwoord op wat Hy vra? Hoe sou ek my woorde teen Hom kies?

¹⁵Al was my saak reg, sou ek nog nie kon antwoord op wat Hy vra nie, ek sou Hom, my Regter, net om genade kon smee.

¹⁶As ek na Hom sou roep en Hy my sou antwoord, sou ek nie kon glo dat Hy my gehoor het nie,

¹⁷want dit is Hy wat my met 'n stormwind pynig, wat my baie wonde slaan sonder dat ek dit verdien,

¹⁸wat my nie 'n kans gun om asem te skep nie, maar my deurdrenk met bitter lyding.

¹⁹As dit gaan oor krag, is Hy die sterke, as dit gaan oor reg, wie anders as Hy kan 'n klag teen my inbring?”

Job: skuldig of onskuldig, dit is om 't ewe

²⁰“Al is my saak reg, my woorde sou my skuldig maak; al is ek ook onskuldig, ek sou oor my woorde veroordeel word.

²¹Ek is onskuldig! Ek gee nie meer om vir my lewe nie, ek wil nie meer lewe nie.

²²Eintlik is dit om 't ewe, daarom dink ek: of 'n mens skuldig is of onskuldig, God vernietig jou tog.

²³As 'n vloedramp skielik die dood bring, lag God oor die wanhoop van die onskuldiges.

²⁴Hy gee die wêreld oor in die mag van die goddelose, en Hy maak die regters partydig. As dit nie Hy is wat dit doen nie, wie dan?

²⁵My dae skiet vinniger as 'n naelloper verby, hulle vlieg verby sonder dat ek iets goeds beleef,

²⁶hulle gaan vinnig by my verby soos papirusbote, soos 'n arend wat afskiet op sy prooi.

²⁷“As ek sou dink: ek wil ophou kla, ek wil my houding verander en vrolik wees,

²⁸dan word ek bang dat ek nog swaarder sal kry, omdat ek weet dat God my nie onskuldig gaan bevind nie.

²⁹Aangesien ek tóg skuldig bevind sal word, waarom sou ek my moeg maak?

³⁰Al sou ek my was met sneeu, al sou ek my hande skoon was met seep,

³¹God sou my weer in 'n modderpoel gooi, sodat my klere my tot 'n aanstoot maak.

³²Hy is nie 'n mens soos ek dat ek op sy vrae sou kon antwoord nie, dat ons in 'n hofsak teen mekaar betrokke sou kon raak nie.

³³As daar maar iemand was wat in die saak tussen ons kon oordeel, wat oor ons albei onpartydig kon regsprek,

³⁴as daar maar iemand was wat God se straf van my kon wegneem, sodat sy verskrikking my nie skielik oorval nie,

³⁵dan sou ek sonder vrees kon praat. Maar soos sake nou met my staan, kan ek nie.”

Job 10

Job: Laat my tog met rus

- ¹“My hele lewe walg my, daarom wil ek aan my klag vrye teuels gee en in my bitterheid praat.
- ²Ek wil vir God sê: Moet my tog nie skuldig verklaar nie, maak aan my bekend waarom voer U hierdie stryd teen my.
- ³Vind U dit goed om my te laat swaar kry, om wat U gemaak het, met veragting te behandel, maar die planne van die goddeloses met sukses te bekroon?
- ⁴Kyk U met die oë van 'n mens? Sien U dinge soos 'n mens hulle sien?
- ⁵Gaan u dae verby soos dié van 'n mens, u jare soos sý jare,
- ⁶dat U rekenskap eis vir my oortredinge, dat U verantwoording vra vir my sonde?
- ⁷“U weet dat ek nie skuldig is nie, maar niemand kan my uit u hand red nie.
- ⁸U hande het my gevorm, my gemaak. Gaan U my nou heeltemal vernietig?
- ⁹Dink daaraan dat U my soos klei gevorm het. Gaan U my nou weer stof laat word?
- ¹⁰Het U my nie soos botter berei, soos kaas gevorm nie?
- ¹¹U het vir my vel en vleis gegee, U het my bene en senings aanmekaargeweef.
- ¹²U het my die lewe gegee en my met liefde versorg, met sorg het U oor my gewaak.
- ¹³Maar wat deur U verberg is, wat ek weet U in gedagte gehad het, is dit:
- ¹⁴as ek sonde doen, sou U dit raaksien, van my oortredinge sou U my nie vryspreek nie.
- ¹⁵As ek skuldig is, wag daar ellende vir my, as ek onskuldig is, is daar vir my geen vreugde nie, want ek is oorlaai met smaad en ek beleef net ellende.
- ¹⁶Sou ek moed skep, maak U soos 'n leeu jag op my en staan U my weer voor in u onbegryplike mag.

¹⁷U roep nuwe getuies in teen my, u woede laai op teen my; aanslag op aanslag tref my.

¹⁸“Waarom het U my in die wêreld laat kom? Ek moes liever gesterf het voordat 'n oog my kon sien.

¹⁹Dan sou ek gewees het asof ek nooit bestaan het nie en is ek by geboorte al graf toe gedra.

²⁰My lewensdae is min genoeg, laat my tog met rus dat ek darem 'n bietjie vreugde kan hê

²¹voordat ek weggaan na die stikdonker land toe en nooit terugkeer nie,

²²na die land van die donker nag met sy diep duisternis waar niks georden is nie, waar die lig self donker is.”

Job 11

Sofar: Gebruik jou verstand reg

¹Toe sê Sofar die Naämatiet vir Job:

²“Moet al die baie woorde onbeantwoord bly? Kan 'n mens homself met praat regverdig?

³Moet mense stilbly vir jou praatjies? Wil jy bly laster sonder dat iemand jou bestraf?

⁴Jy sê vir God: ‘Wat ek dink, is reg, ek is onskuldig voor U.’

⁵As God maar wou begin praat en jou wou weerspreek,

⁶jou wou vertel hoe ingewikkeld die wysheid is, en hoeveel dit vra om iets blywends tot stand te bring! Dan sou jy weet dat God jou nog nie eers vir ál jou sondes straf nie.

⁷“Kan jy begryp wie God werklik is? Kan jy die Almagtige ten volle verstaan?

⁸Dit is kennis wat hoër is as die hemele. Hoe kan jy daarby uitkom? Dit is kennis wat dieper is as die doderyk. Hoe kan jy dit bereik?

⁹Dit strek verder as die aarde, wyer as die see.

¹⁰“As God in die verbygaan iemand gevange neem en voor die gereg bring, wie sal Hom keer?

¹¹God ken skynheilige mense, Hy sien die sonde raak, sonder nader ondersoek.

¹²'n Idioot kan nie verstand kry nie, net so min as wat 'n wildedonkie vul 'n mens is as hy gebore word.

¹³Maar jy, as jy jou verstand reg wil gebruik en jou hande in gebed na God toe uitsteek,

¹⁴as jy jou sonde van jou af sou verwyder en nie toelaat dat onreg in jou woon nie,

¹⁵kan jy jou kop sonder skaamte ophig en in die nood kom sonder om bang te wees,

¹⁶kan jy jou swaarkry vergeet en daaraan dink asof dit water is wat weggeeloop het.

¹⁷Jou lewe sal meer lig hê as die helder middag, jou donker sal lig word soos die môre.

¹⁸Jy sal gerus wees omdat daar vir jou vooruitsigte is, jy sal jou lêplek regmaak en rustig slaap.

¹⁹Jy sal gaan lê en vir niemand bang wees nie, en baie mense sal jou guns soek.

²⁰Maar die oë van die goddeloses sal toegaan, daar is geen uitkoms vir hulle nie: al vooruitsig wat hulle het, is om die laaste asem uit te blaas.”

Job 12

Job: Wie weet nie al die dinge nie?

¹Toe het Job weer gepraat:

²“Werklik, julle is die enigste mense wat iets weet! Met julle sterf die wysheid uit!

³Ek het ook verstand, net soos julle, ek staan nie vir julle terug nie. Wie weet nie al dié dinge nie?

- ⁴“Ek is 'n grap vir my vriende, en dít iemand wat tot God roep en van Hom antwoord kry. ‘n Regverdige, 'n vrome wat 'n grap is!
- ⁵Vir dié wat geen kommer ken nie, pas ongeluk en smaad bymekaar, by dié wat struikel, pas 'n skop.
- ⁶In die huise van die rowers is daar rus, en dié wat God se toorn verwek, is veilig, dié wat meen dat hulle vir God in hulle mag het.
- ⁷“Miskien moet jy die diere vra om jou te leer, die voëls daarbo om jou te vertel,
- ⁸of praat met die aarde dat dit jou leer en met die visse in die see dat hulle dit vir jou sê.
- ⁹Wie van hulle weet nie almal dat die hand van die Here alles gemaak het nie?
- ¹⁰Hy het al wat lewe, in sy mag, die asem van elke mens.
- ¹¹Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte kos proe nie?
- ¹²“Wysheid kom in die gryse ouderdom en insig na baie jare.
- ¹³By God is wysheid en krag, by Hom is raad en insig.
- ¹⁴As Hy afbreek, kan niemand opbou nie, as Hy gevange neem, kan niemand vrylaat nie.
- ¹⁵As Hy die water terughou, verdroog alles, as Hy dit laat losbreek, vernietig dit die aarde.
- ¹⁶By Hom is daar mag en oorwinning, wie bedrieg en wie bedrieg word, is albei Syne.
- ¹⁷Hy laat raadgewers van konings kaalvoet loop en maak van regeerders gekke.
- ¹⁸Hy vernietig die gesag van konings en laat hulle slaweklere dra.
- ¹⁹Hy laat priesters kaalvoet loop en laat dié wat die mag het, ondergaan.
- ²⁰Hy laat die betroubares swyg en verydel die goeie raad van leiers.
- ²¹Hy laat smaad afkom op die koppe van die vernames en Hy neem die mag van sterkes weg.

²²Hy gee lig in donker dieptes, Hy maak donker plekke lig.

²³Hy maak nasies groot en Hy vernietig hulle, Hy laat nasies uitbrei en laat hulle tot niet gaan.

²⁴Hy ontnem wêreldleiers hulle verstand en laat hulle ronddwaal in 'n wilde wêreld sonder pad.

²⁵Hulle tas in die donker rond sonder lig, Hy laat hulle ronddwaal soos dronkmense.

Job 13

¹Ek het dit alles met my eie oë gesien en met my eie ore gehoor en ek het dit verstaan.

²Wat julle weet, weet ek ook, ek staan nie vir julle terug nie.

³Maar ek wil eintlik met die Almagtige praat, ek wil my saak aan God stel.

⁴Julle stapel die een leuen op die ander, julle is kwaksalwers, julle almal.

⁵As julle maar liever net wou stilbly, sou dit vir julle tot wysheid gereken kon word.

⁶“Luister na my kant van die saak, neem my argumente in ag:

⁷Wil julle vir God intree met onreg en sy saak bepleit met leuens?

⁸Wil julle vir Hom partydig wees? Wil julle God se saak verdedig?

⁹As Hy julle sou ondersoek, sou dit vir julle goed verloop? Sou julle Hom kon bedrieg soos julle mense bedrieg?

¹⁰Hy sal julle swaar straf as julle in die geheim partydig is.

¹¹Sy verhewe mag sal julle met skrik vervul, skrik vir Hom sal julle oorval.

¹²Julle beroep op die voorgeslag is wind, julle verweer sê niks.”

Job: Ek moet my saak vir God stel

¹³“Bly liever stil, ek wil praat, en laat dan kom wat wil.

¹⁴Waarom waag ek my lewe en neem ek dit in my hand?

- ¹⁵Al sou God my doodmaak, ek kan nie wag nie, ek moet my saak vir Hom stel.
- ¹⁶Dit kan selfs my redding wees, want geen godlose durf voor Hom kom nie.
- ¹⁷Luister goed na my woorde, neem ter harte wat ek te sê het:
- ¹⁸Kyk, ek het my regsaak voorberei, ek weet dat ek reg het.
- ¹⁹As iemand 'n saak teen my het, sou ek swyg en sterf.
- ²⁰U, my God, moet net twee dinge vir my doen, dan sal ek nie vir U wegkruip nie:
- ²¹neem u straf van my af weg en moenie dat die skrik vir U my oorval nie.
- ²²“Roep my, en ek sal antwoord, of anders, laat ék praat en antwoord Ú my:
- ²³Hoeveel misdade en sondes het ek begaan? Wys my wat my oortredings en my sondes is!
- ²⁴Waarom vermy U my en beskou U my as u vyand?
- ²⁵Wil U 'n verwaaide blaas skrikmaak, 'n droë stoppel agtervolg
- ²⁶dat U so 'n bitter lyding vir my beskik en my laat boet vir die sondes van my jeug?
- ²⁷U bind 'n blok aan my voete, U hou elke voetstap van my dop, U merk my, waar ek ook al gaan.
- ²⁸“En dít 'n mens wat vergaan soos iets wat verrot, soos 'n stuk klere wat deur motte gevreet is.”

Job 14

Job: Die mens se lewe is kort en vol onrus

- ¹“Die mens, uit 'n vrou gebore, se lewe is kort en vol onrus.
- ²Hy is soos 'n blom wat oopgaan en dan verlep, 'n skaduwee wat verbygaan en nie stilstaan nie.
- ³Dit is so 'n mens vir wie U in die oog hou, vir wie U in 'n regsgeeding met U wil betrek.

- ⁴Wie kan rein uit onrein laat voortkom? Niemand nie!
- ⁵“Die mens se dae is vasgestel, U het die getal van sy jare bepaal, U het dit neergelê, en hy kan dit nie oorskry nie.
- ⁶U moet van hom af wegkyk en hom met rus laat totdat hy soos 'n huurling sy dagtaak afgehandel het.
- ⁷Vir 'n boom is daar nog hoop; al is dit afgekap, kan dit weer uitloop, en sy lote sal aanhou groei.
- ⁸Al word sy wortels oud in die aarde en al gaan sy stam dood in die grond,
- ⁹spruit hy weer uit as hy net water ruik, en groei sy takke asof hy pas geplant is.
- ¹⁰Maar die mens sterf en verdwyn, hy blaas sy laaste asem uit, en waar is hy?
- ¹¹Soos water uit die see verdamp, en 'n rivier opdroog,
- ¹²so ontslaap die mens en staan nie weer op nie; totdat die hemel nie meer daar is nie, sal hy nie wakker skrik nie, nie weer wakker gemaak word nie.
- ¹³As U my maar liefder in die doderyk wou wegsteek, my daar wou hou tot u toorn afgekoel het, as U maar liefder 'n tyd vir my wou vasstel en dan weer aan my wou dink!
- ¹⁴“As 'n mens sterf, sal hy weer lewe? Dan sou ek al die dae van my swaarkry kon wag tot daar vir my nuwe lewe kom.
- ¹⁵Dan sou U my roep en ek U antwoord en sou U graag weer die maaksel van u hande wou sien.
- ¹⁶Dan sou U elke tree tel wat ek gee, maar nie ag gee op my sonde nie.
- ¹⁷Dan sou U my oortreding in 'n sak verseël en my sonde toemaak.
- ¹⁸Maar soos 'n berg in stukke breek en 'n rots uit sy plek losgeruk word,
- ¹⁹soos water klippe verweer, 'n wolkbreek die grond wegspoel, so vernietig U die hoop van die mens.

²⁰U oorweldig hom vir altyd en hy verdwyn, hy kom te sterwe, U neem hom weg.

²¹Sy seuns word vereer, maar hy weet dit nie, hulle word verkleineer, maar hy is nie daarvan bewus nie.

²²Hy voel net die pyn aan sy eie liggaam, die smart wat aan hom bly vreet.”

Job 15

Elifas: Wil jy jou woede op God koel?

¹Toe sê Elifas die Temaniet:

²“Kan 'n verstandige man soveel onsin praat, so vol wind wees?

³Kan hy hom verdedig met woorde wat niks sê nie, met 'n praterij wat niks beteken nie?

⁴Maar jy maak selfs die eerbied vir God nutteloos, jy maak dit onmoontlik om iets in sy teenwoordigheid te sê.

⁵Dit is jou sonde wat jou die woorde in die mond lê; daarom kies jy sulke slinkse woorde.

⁶Nie ek nie, jou eie mond veroordeel jou, alles wat jy sê, getuig teen jou.

⁷Is jy die eerste mens wat gebore is? Het jy vóór die berge in die wêreld gekom?

⁸Het jy in die raadsvergadering van God gesit en luister? Het jy die alleenreg op die wysheid?

⁹Wat weet jy wat ons nie weet nie? Wat verstaan jy wat ons nie ook verstaan nie?

¹⁰Ook onder ons is daar ou manne en grysaards, manne selfs ouer as jou pa.

¹¹“Beteken die troos wat van God kom, vir jou niks, die woorde wat met soveel deernis tot jou gerig is?

¹²Waarom het jou gevoel met jou op loop gesit, waarom blits jou oë so?

¹³Wil jy jou woede op God koel dat daar sulke woorde uit jou mond kom?

¹⁴Hoe kan 'n mens rein wees? Hoe kan 'n sterfling onskuldig wees?

- ¹⁵As God nie eers die hemelwesens vertrou nie en selfs die hemel nie rein is in sy oë nie,
- ¹⁶hoeveel minder 'n onrein, verdorwe mens wat boosheid indrink soos water?
- ¹⁷“Luister na my, ek wil jou iets vertel; wat ek ervaar het, wil ek jou meedeel.
- ¹⁸Dit is die woorde van wyse mense. Hulle hou niks terug van wat hulle vaders hulle vertel het nie.
- ¹⁹Dit kom uit die tyd toe hulle die land net vir hulleself ontvang het en daar geen vreemdeling onder hulle beweeg het nie.
- ²⁰Hulle sê: ‘Sy lewe lank word die goddelose, die gewelddenaar, deur angste geteister, al die jare wat vir hom afgemeet is.
- ²¹Angswekkende krete klink in sy ore; terwyl alles veilig lyk, storm rowers op hom af.
- ²²Hy twyfel of hy die dood sal vryspring, hy weet hy kan nie aan die swaard ontkom nie.
- ²³As hy vlug, word hy kos vir die aasvoëls, hy weet die dood wag op hom.
- ²⁴Soos 'n koning wat aanval, storm swaarkry en lyding op hom af; dit oorweldig hom,
- ²⁵want hy daag God uit en verset hom teen die Almagtige:
- ²⁶in sy oormoed storm hy op God af met sy dik, sterk skild,
- ²⁷met sy ronde, vet gesig en sy onderlyf dik van die vet.
- ²⁸Hy sal in verwoeste stede moet woon, in onbewoonbare huise, huise wat dreig om bouvalle te word.
- ²⁹Hy sal nie ryk bly nie, sy rykdom sal nie hou nie, sy besittings op die aarde sal nie meer word nie.
- ³⁰Hy sal die dood nie vryspring nie, sy nakomelinge sal deur vuur verteer word, sy woorde in die wind verdwyn.

³¹'n Mens moenie vertrou op wat niks is nie. Dit bring hom nêrens nie, in ruil daarvoor kry hy ook niks nie.

³²Voor sy tyd gekom het, is sy groeikrag daarmee heen.

³³Hy is soos 'n wingerdstok wat sy trosse verloor voor dit ryp is, soos 'n olyfboom wat sy bloeisels afgooi voor daar vrugte is.'

³⁴“Die hele bende godloses sal sonder iets wees, vuur sal die huise van die omkopers verteer.

³⁵Dit is hulle wat swanger is van die kwaad, wat onreg voortbring en aan bedrog die lewe skenk.”

Job 16

Job: Hy wat vir my getuig, is daar bo

¹Toe het Job weer gepraat:

²“Hierdie soort argument het ek al baie gehoor. Julle is almal maar hopelose troosters.

³Kom daar dan geen einde aan julle sinlose gepraat nie? Wat pla julle dat julle die laaste woord wil hê?

⁴Ek sou ook soos julle kon praat as julle sou ly wat ek te ly het. Dan kon ek medelye met julle betoon en my kop meewarig oor julle skud.

⁵Ek sou julle kon bemoedig met my woorde, maar niksseggende woorde sou ek terughou.

⁶Maar my pyn sal nie ophou as ek praat nie, dit sal ook nie verdwyn as ek ophou praat nie.

⁷Nou het God my afgetakel, Hy het my hele gesin uitgewis.

⁸Hy het my beetgepak, en dít dien as getuienis teen my; my vervalte toestand staan op en getuig teen my.

⁹God het my in sy toorn verskeur en vervolg, in sy woede het Hy my lewe bedreig, Hy, my Teëstander, deurboor my met sy oë.

- ¹⁰Mense rek hulle monde oor my, hulle beledig my, hulle sak op my toe.
- ¹¹God het my oorgelewer aan slegte mense, Hy het my in die hande van goddeloses laat val.
- ¹²Ek het rustig gelewe, toe versteur God my rus, Hy het my aan die nek beetgepak en my vergruis. Hy het van my 'n teiken gemaak:
- ¹³sy pyle tref my hele liggaam, meedoënloos deurboor Hy my niere en my gal loop uit op die grond.
- ¹⁴Wond op wond dien Hy my toe, soos 'n soldaat storm Hy op my af.
- ¹⁵Ek het vir my 'n roukleed gemaak, my eer het in die stof verdwyn.
- ¹⁶Ek het my oë rooi gehuil, daar is swart kringe onder my oë.
- ¹⁷Tog is ek nie skuldig aan geweld nie en is my gebed opreg.
- ¹⁸Moenie die onreg teen my verberg nie, aarde, moenie dat my noodkrete tot rus kom nie.
- ¹⁹Selfs nou nog het ek 'n getuie in die hemel, Hy wat vir my getuig, is daar bo.
- ²⁰My vriende het my bespotters geword, daarom pleit ek met trane by God
- ²¹dat Hy uitspraak lewer in die saak tussen 'n mens en Hom soos in 'n saak tussen 'n man en sy vriend,
- ²²want my jare is min en gaan verby, en ek gaan na die plek toe waarvandaan niemand terugkom nie.”

Job 17

Job: Daar is nie hoop in die doderyk nie

- ¹“Ek is gedaan, my tyd is verby, net die graf bly vir my oor.
- ²Al wat ek hoor, is bespotting; my oë is dof van my bitter lyding.
- ³Wees tog vir my 'n borg, o God! Wie anders kan vir my instaan?
- ⁴U het die verstand van my vriende vir rede gesluit, moenie dat hulle seëvier nie.

- ⁵Sou iemand sy besittings met sy vriende deel, terwyl sy eie kinders gebrek ly?
- ⁶God het my tot 'n bespotting van mense gemaak; hulle spoeg in my gesig.
- ⁷My oë het swak geword van die swaarkry, my liggaam is net 'n skaduwee.
- ⁸Die opregtes slaan die hande saam daaroor en die onskuldiges kom in opstand oor die godlose mense.
- ⁹Wie reg het, loop sy pad, wie rein voor God is, neem toe in krag.
- ¹⁰Al kom julle almal elke keer weer terug, kry ek nie een onder julle wat verstandig is nie.
- ¹¹My dae is verby, dis klaar met wat ek beplan en begeer het.
- ¹²My vriende maak mos of die nag dag is, of die lig naby is omdat dit donker is.
- ¹³As ek my hoop vir 'n huis op die doderyk sou vestig, sy donkerte my bed sou maak,
- ¹⁴as ek vir die graf sou sê: 'Jy is my vader,' en vir die wurms: 'Julle is my moeder en my susters,'
- ¹⁵watter hoop sou ek dan hê en wie sou vir my enige hoop kon gee?
- ¹⁶Sou die hoop dan saam met my na die doderyk toe afgaan? Sou ons saam in die stof kon rus? ”

Job 18

Bildad: Die onheil wag die goddelose in

- ¹Toe sê Bildad die Suagiet vir Job:
- ²“Hoe lank gaan jy nog aanhou praat? Kom eers tot ander insigte dan kan ons verder praat.
- ³Waarom word ons as diere beskou? Is ons dan so dom in jou oë?
- ⁴Jy is soos iemand wat homself in sy woede verskeur. Moet alle mense van die wêreld af verdwyn om jou tevrede te stel? Moet die rotse uit hulle plek losgeruk word?

- ⁵“Die goddelose se lig sal beslis uitgedoof word, die vlam van sy vuur sal ophou brand,
- ⁶die lig in sy huis sal doodgemaak word en die lamp langs hom uitgedoof word.
- ⁷Sy kragtige treë sal al onsekerder word, sy slim planne sal hom tot 'n val bring.
- ⁸Hy sal aan sy voete gevang word deur 'n strik, hy sal in 'n valstrik inloop.
- ⁹'n Wip sal hom aan die hakskeen vang, 'n vangnet sal hom vasgryp.
- ¹⁰'n Lus is vir hom op die grond weggesteek, daar is 'n vanggat op sy pad.
- ¹¹Hy word van alle kante af met gevaar bedreig, dit volg hom net waar hy gaan.
- ¹²Die onheil wag hom gretig in, die ongeluk wag vir hom.
- ¹³'n Dodelike siekte sal sy vel wegvreet en sy liggaamsdele verteer.
- ¹⁴Hy sal uitgeruk word uit sy veilige huis, hy sal weggelei word na waar die groot vrees heers.
- ¹⁵Niks wat hy het, sal in sy woning oorbly nie, oor sy woonplek sal brandende swael gestrooi word.
- ¹⁶Sy wortels sal van onder af verdroog en sy blare bo verlep.
- ¹⁷Elke herinnering aan hom sal van die aarde af verdwyn, sy naam sal nêrens meer bekend wees nie.
- ¹⁸Hy sal uit die lig die duisternis in gestoot word, hy sal uit die bewoonde wêreld verjaag word.
- ¹⁹Hy sal geen kind of nakomeling onder sy mense hê nie, en daar sal niemand in sy woonplek oorbly nie.
- ²⁰Oor sy lot sal die mense van die ooste en die weste die hande van verbasing saamslaan en met vrees vervul wees.
- ²¹Só sal dit gaan met die huis van die slegte mens, só sal die plek lyk van iemand wat nie vir God erken nie.”

Job 19

Job: Ek sal vir God sien

- ¹Toe het Job weer gepraat:
- ²“Hoe lank gaan julle my bly pynig en my met woorde striem?
- ³Dit is die soveelste keer dat julle my beledig en my sleg behandel sonder om julle te skaam.
- ⁴As ek werklik gedwaal het, is my dwaling my eie saak.
- ⁵Maar as julle julle teen my aanstel en my veroordeel oor die smaad wat oor my gekom het,
- ⁶weet dan dat dit God is wat my die onreg aandoen en my in sy net gevange hou.
- ⁷Ek skreeu: ‘Geweld!’ maar kry geen reaksie nie, ek roep om hulp maar daar word nie aan my reg gedoen nie.
- ⁸Hy het my pad versper, ek kan nie verder nie. Hy het die donker laat toesak oor my pad.
- ⁹Hy het my eer van my af weggestroop, my aansien van my af weggeneem.
- ¹⁰Aan alle kante breek Hy my af, sodat ek moet sterf, Hy laat my hoop verdwyn soos 'n boom wat uitgeruk word.
- ¹¹Hy laat sy woede teen my losbreek, Hy behandel my as vyand.
- ¹²Sy magte het saam op my afgestorm, hulle beleër my en omsingel my huis.
- ¹³My broers het Hy van my verwyder, my bloedverwante is van my vervreem,
- ¹⁴my familie het my verlaat, my bloedverwante het my vergeet.
- ¹⁵My huismense en my slavinne beskou my as 'n vreemdeling, ek het vir hulle soos 'n uitlander geword.
- ¹⁶Ek roep my slaaf, maar hy antwoord my nie, selfs al smee ek hom.
- ¹⁷My asem walg my vrou, ek ruik sleg vir my eie broers.
- ¹⁸Selfs kindertjies minag my, as ek wil opstaan, spot hulle my.
- ¹⁹Al my vertroueling verafsku my, dié wat ek liefhet, het teen my gedraai.

²⁰Ek is net vel en been, al my tande het uitgeval.

²¹Kry my tog jammer, my vriende, kry my tog jammer! Die hand van God het my swaar getref.

²²Waarom vervolg ook julle my soos God dit doen? Kry julle nie genoeg nie?

²³Mag my woorde tog opgeskryf word, mag dit ingegraveer word op 'n monument

²⁴met 'n ysterpen en lood, vir altyd in 'n rots uitgekap.

²⁵Ek weet dat my Losser leef, uiteindelik sal Hy op die aarde triomfeer!

²⁶Selfs nadat hierdie siekte my vel weggevreet het, sal ek nog lewe en God sien.

²⁷Ek sal Hóm sien, met my eie oë sal ek Hom sien, Hom en niemand anders nie. Ek smag daarna met my hele lewe.

²⁸As julle dan sê julle wil my vervolg, die wortel van die kwaad by my opspoor,

²⁹moet julle die swaard vrees, want in sy toorn straf God die sonde met die swaard. Dan sal julle weet dat daar 'n regter is.”

Job 20

Sofar: Die blydschap van die godlose duur net 'n oomblik

¹Toe sê Sofar die Naämatiet vir Job:

²“Ontsteltenis dwing my om te antwoord, dit maak my haastig om te praat.

³Ek hoor 'n teregwyding wat my beledig, maar ek wil verstandig daarop antwoord:

⁴Weet jy wat vroeër gebeur het, van die tyd af toe die mens op die aarde geplaas is?

⁵Jy weet tog dat die vreugde van die goddelose van korte duur is, dat die blydschap van die godlose net 'n oomblik duur?

⁶Al sou sy trots tot in die hemel reik en sy kop aan die wolke raak,

⁷sal hy soos sy eie uitwerpsel vir altyd vergaan. Dié wat hom geken het, sal vra: ‘Waar is hy?’

⁸Hy verdwyn soos 'n droom, hy is nêrens te vind nie, hy raak weg soos 'n gesig in die nag.

⁹Die oog wat hom gesien het, sal hom nie weer sien nie, sy plek is vir altyd leeg.

¹⁰Sy kinders sal die armes moet vergoed, met sy eie hande sal hy sy rykdom moet teruggee.

¹¹Die jeugdige krag van sy liggaam gaan saam met hom die graf in.

¹²Hoewel die onreg soet smaak in sy mond en hy dit wegsteek onder sy tong,

¹³dit opgaar en nie wil laat vaar nie, dit teen sy verhemelte vasdruk,

¹⁴gaan sy kos omdraai in sy maag en in hom word soos die gif van 'n slang.

¹⁵Die ryk kos wat hy verslind het, gaan hy opgooi; God sal hom dit laat opbring.

¹⁶Wat hy drink, is soos slanggif, dit maak hom dood soos die pik van 'n adder.

¹⁷Hy sal nie die strome water geniet nie, nie die strome heuning en dikmelk nie.

¹⁸Wat hy met moeite verwerf het, moet hy teruggee, hy kan dit nie geniet nie, hy sal hom nie verlustig aan die weelde wat hy deur sy besigheid verkry het nie.

¹⁹Hy verdruk mos die armes en los hulle net so, hy vat sommer vir hom 'n huis, hy bou dit nie self nie.

²⁰Daar is geen einde aan sy gulsigheid nie, hy kom nie vry van sy hebsug nie.

²¹Niks ontsnap sy vraatsug nie, daarom hou sy voorspoed nie stand nie.

²²Met sy oorvloed en al tref 'n ramp hom, kom die swaarkry met volle krag op hom af.

²³Terwyl hy hom nog so vol eet, laat God die woede van sy toorn oor hom losbreek, oorval God hom met oorlog.

²⁴Hy vlug nog vir 'n ysterwapen, dan deurboor 'n bronspyl hom.

²⁵Terwyl hy dit uit sy rug uit trek, die glansende punt uit sy gal, oorval die doodsvrees hom.

²⁶Al sy skatte is bestem om vernietig te word, 'n vuur verteer hom, selfs al word dit nie aangeblaas nie. Dit verbrand wat in sy huis oorbly.

²⁷Die hemel ontbloot sy sonde, die aarde kom teen hom in opstand.

²⁸Vloedwater spoel sy huis weg, waterstrome op die dag van God se toorn.

²⁹Dit is die lot van die mens wat skuldig is voor God, die deel van die een wat hom teen God verset.”

Job 21

Job: Waarom word die goddeloses ryk en vernaam?

¹Toe het Job weer gepraat:

²“Luister goed na my woorde; so sal julle my die beste troos.

³Verdra my terwyl ek praat, en as ek klaar gepraat het, kan julle my verder bespot.

⁴My klag is nie teen mense nie. Waarom mag ek dan nie ongeduldig word nie?

⁵Kyk na my, dan sal julle verstom staan en van verbasing die hand op die mond lê.

⁶As ek hieraan dink, skrik ek, gaan ek aan die bewes:

⁷Waarom bly die goddeloses aan die lewe, word hulle oud en ryk en vernaam?

⁸Hulle kinders raak gevestig rondom hulle, hulle sien hulle nageslagte.

⁹Daar is vrede in hulle huise, geen vrees nie, die straf van God tref hulle nie.

¹⁰Hulle bulle dek die koeie en slaan nie een oor nie, hulle koeie kalf en het geen misgeboorte nie.

¹¹Hulle laat hulle kindertjies los rondloop soos kleinvee, hulle kleintjies baljaar vrolik rond.

¹²Hulle sing met begeleiding van die tamboeryn en die lier, hulle is vrolik by die geluid van die fluit.

¹³Hulle slyt hulle lewens in voorspoed, hulle gaan in vrede die doderyk binne.

¹⁴Maar tog is dit hulle wat vir God sê: ‘Laat staan ons, ons weier om u wil te ken.

¹⁵Wat is die Almagtige dat ons Hom sou dien? Watter nut het dit om Hom te aanbid? ’

¹⁶“Maar hulle voorspoed is nie in hulle eie hande nie, daarom bly ek weg van die raad wat van goddeloses af kom.

¹⁷Hoe dikwels word die lewenslamp van die goddeloses uitgedoof, kom 'n ramp oor hulle, laat God in sy toorn onheil oor hulle kom?

¹⁸Hoe dikwels is hulle soos kaf voor die wind, soos stoppels wat weggewaai word deur die stormwind?

¹⁹Spaar God dan sy rampe op vir die goddelose se kinders? God moet hom tog straf dat hy dit self weet!

²⁰Hy moet sy ondergang met sy eie oë sien, hy moet self die toorn van die Almagtige ondervind.

²¹Wat kan sy familie hom skeel na sy dood, as sy lewensdraad afgeknip is?

²²“Sou iemand vir God iets kon leer, vir Hom wat selfs die sterkstes regeer?

²³“Die een mens sterf in sy volle krag terwyl hy heeltemal tevrede en rustig leef,

²⁴terwyl hy blakend gesond is en volop murg in sy bene het.

²⁵Die ander sterf in bitterheid sonder dat hy voorspoed gesmaak het.

²⁶Saam lê hulle in die graf, altwee oortrek van die wurms.

²⁷“Ek ken julle gedagtes, die slim argumente waarmee julle my wil veronreg.

²⁸Julle sê: ‘Wat word van die huis van 'n belangrike man, van die wonings van goddeloses? ’

²⁹Het julle nie dié wat baie rondgaan, gevra nie, het julle nie ag geslaan op wat hulle vertel nie?

³⁰Hulle sê 'n slegte man word op die dag van onheil gered, hy word op die dag van toorn verskoon.

³¹Wie spreek hom in sy gesig aan oor sy slegte gedrag, wie vergeld hom vir wat hy gedoen het?

³²“Hy word na die graf gedra, en by die hopen grond word daar wag gehou.

³³Die kluite van die graf pla hom nie. Alle mense volg hom daarheen, en voor hom is mense sonder tal daarnatoe.

³⁴Hoe kan julle my dan met sinlose praatjies probeer troos? Julle argumente is niks anders as bedrog nie.”

Job 22

Elifas: Daar is geen einde aan al jou sondes nie

¹Toe sê Elifas die Temaniet vir Job:

²“Kan 'n mens vir God tot nut wees? Nee, die verstandige is vir homself tot nut.

³Watter belang het die Almagtige daarby dat jy reg het, watter voordeel het dit vir Hom dat jou lewenswandel vroom is?

⁴Is dit oor jou diens aan Hom dat Hy jou straf, dat Hy 'n saak teen jou het?

⁵Is jou verkeerde dade dan nie baie nie? Daar is geen einde aan al jou sondes nie.

⁶Sonder regverdiging het jy van jou eie familie goed in pand gevat, jy het die klere van dié wat niks het nie, van hulle afgestroop.

⁷Jy het vir dié wat uitgeput was, nie water gegee nie en geweier om vir dié wat honger was, kos te gee.

⁸Jy, 'n ryk man, het grond in besit gekry, jy, 'n man van aansien, woon daarop.

⁹Maar jy het weduwees met leë hande van jou af weggestuur en weeskinders sonder heenkome gelaat.

¹⁰Daarom is daar net vangstrikke rondom jou en het ang jou skielik oorval.

¹¹Daarom is dit so donker dat jy nie kan sien nie en verswelg vloedwaters jou.

¹²Is God dan nie hoog in die hemel nie? Kyk net hoe hoog sit die sterre!

¹³Jy dink dalk: wat weet God? Hy regeer uit die donkerte uit.

¹⁴Daar is wolke rondom Hom, Hy kan nie sien terwyl Hy daar bo in die hemelgewelf wandel nie.

¹⁵Wil jy op die ou pad hou wat deur sondige mense uitgetrap is?

¹⁶Hulle is weggeruk vóór hulle tyd: die dinge waarop hulle gebou het, is deur 'n stroom meegesleur.

¹⁷Hulle het vir God gesê: 'Laat staan ons. Wat kan die Almagtige aan ons doen?'

¹⁸En dit terwyl dit Hý is wat hulle huise met rykdom vul! Daarom bly ek weg van die raad wat van goddeloses af kom.

¹⁹Dié wat reg doen, sien die ondergang van die goddeloses en is bly, die onskuldiges spot met hulle:

²⁰Ons vyande is daarmee heen, vuur het hulle besittings verteer."

Elifas: Onderwerp jou aan God

²¹"Onderwerp jou aan God, dan sal jy in vrede leef, en so sal jy voorspoed hê.

²²Laat Hy jou leer en neem sy woorde ter harte.

²³As jy terugkom na die Almagtige toe, sal jy herstel word. As jy die kwaad ver van jou woonplek af hou,

²⁴jou goud as nikswerd beskou, die goud uit Ofir as so min werd as 'n klip in die spruit,

²⁵sal die Almagtige jou goud wees, jou skat aan silwer.

²⁶Dan sal jy jou in die Almagtige verlustig en jou weer tot God wend.

²⁷Jy sal tot Hom bid, en Hy sal jou gebed verhoor, die beloftes wat jy gemaak het, sal jy nakom.

²⁸Wat jy besluit, sal uitgevoer word, dit sal voorspoedig gaan met jou.

²⁹Wanneer mense val en jy vra dat hulle opgetel word, sal God hulle, die ootmoediges, red.

³⁰Hy sal die skuldiges laat vrykom, en hulle sal vrykom deur jou onskuld.”

Job 23

Job: Wat God wil, doen Hy

¹Toe het Job weer gepraat:

²“Ek kla nog steeds uit opstandigheid, ek kan nie ophou kla nie.

³As ek maar geweet het waar om God te vind, sou ek na sy woonplek toe gaan

⁴en my saak voor Hom lê, my pleidooie aan Hom stel.

⁵Ek sou van Hom antwoord probeer kry, probeer verstaan wat Hy vir my wil sê.

⁶Hy sal tog nie met sy groot krag teen my 'n saak voer nie; Hy sal my dit nie aandoen nie,

⁷want dit sou 'n opregte mens wees wat daar voor Hom pleit en ek sou vir altyd deur my Regter vrygespreek word.

⁸Maar gaan ek na die ooste toe, Hy is nie daar nie, na die weste, ek kry Hom nie.

⁹Sou Hy in die noorde aan die werk wees, ek vind Hom nie daar nie, sou Hy na die suide toe draai, ek sien Hom nie.

¹⁰Hy ken my pad; as Hy my toets, is ek suiwer soos goud.

¹¹Ek volg Hom waar Hy gaan, ek hou op sy pad en draai nie af nie.

¹²Sy bevel verontagsaam ek nie, ek heg meer waarde aan sy woorde as aan my eie begeertes.

¹³Hy bly dieselfde, wie kan Hom teenstaan? Wat Hy wil, doen Hy.

¹⁴Wat Hy oor my besluit het, sal Hy doen, wat sy planne met my ook al is.

¹⁵Daarom staan ek vreesbevange voor Hom, ek probeer verstaan, maar ek bly Hom vrees.

¹⁶God het my weerstand afgebreek, die Almagtige het my met angs vervul.

¹⁷Maar in hierdie donkerte het ek nie stilgebly nie, in hierdie duisternis wat my oorval het.”

Job 24

Job: God slaan nie ag op die onreg nie

¹“Waarom stel die Almagtige nie tye vas vir afrekening nie? Waarom moet dié wat Hom ken, tevergeefs uitsien na sulke dae?

²Mense verskuif grenslyne, hulle steel troppe vee en laat hulle by hulle eie vee wei,

³hulle vat die weeskind se donkie en lê beslag op die bees van die weduwee,

⁴hulle druk die armes van die pad af; die behoeftiges van die land moet wegkruip.

⁵Soos wildedonkies moet die armes in die woestyn gaan kos soek, die dorre wêreld moet vir hulle kinders kos voorsien.

⁶Hulle oes veevoer op die land om dit self te eet, hulle soek oorskietrossies in die wingerde van die goddeloses.

⁷Hulle moet die nag kaal deurbring, sonder klere, hulle het geen beskutting teen die koue nie.

⁸Hulle is deurnat van die reëns in die berge, daar is geen skuiling nie, hulle hurk agter die rotse.

⁹Die weeskind word weggeruk van die bors waaraan hy drink, die armes word vir skuld verpand.

¹⁰Hulle loop kaal rond, sonder klere, hulle dra gerwe uit, maar ly honger,

¹¹hulle trek die olyfpers, hulle trap die parskuipe, maar bly dors.

¹²In die stad kerm die sterwendes, dié wat aangerand is, roep om hulp, maar God slaan nie ag op die onreg nie.”

Job: Hulle word soos koringare afgesny

¹³“Daar is mense wat nie die daglig verdra nie, wat niks te doen wil hê met wat in die dag gebeur nie, wat nie van die dag se paaie hou nie:

¹⁴die moordenaar staan op net voor ligdag, hy vermoor die weerlose en die arme, in die nag steel hy;

¹⁵die egbreker wag vir die donker, hy dink geen oog sal hom sien nie, hy vermom homself;

¹⁶die dief breek by huise in as dit donker is, bedags kruip hy weg, hy wil niks met die lig te doen hê nie.

¹⁷Vir elkeen van hulle is die donker soos die oggend, hulle is tuis by die verskrikkings van die donker.

¹⁸“Maar hulle spoel vinnig weg op die water; wat hulle besit, staan onder 'n vloek, niemand werk meer in hulle wingerde nie.

¹⁹Soos droogte en hitte sneeu wegs melt, so maak die graf 'n einde aan die sondaar.

²⁰Sy eie ma vergeet hom, hy is kos vir die wurms, daar word nie meer aan hom gedink nie. Wie onreg doen, word soos 'n stuk hout gebreek.

²¹Hy het die kinderlose vrou geplunder en nooit goed gedoen aan 'n weduwee nie.

²²Maar God onderwerp die sterkes deur sy mag; as Hy optree, het hulle geen sekerheid meer in die lewe nie.

²³Hy gee miskien vir hulle 'n gevoel van sekerheid waarop hulle kan steun, maar Hy hou dop wat hulle doen.

²⁴Net 'n kort tydjie is hulle belangrik, dan is daar niks van hulle oor nie, hulle stort inmekaar en sterf soos almal, hulle word soos koringare afgesny.

²⁵Is dit nie so nie? Wie kan my tot leuenaar maak? Wie kan my woorde weerlê? ”

Job 25

Bildad: Hoe kan 'n mens reg hê voor God?

¹Toe sê Bildad die Suagiet vir Job:

²“Die heerskappy en die vrees kom God toe. Uit sy hoë hemel gee Hy vrede.

³Kan die magte waarom Hy beskik, bereken word? Oor wie skyn sy lig nie?

⁴Hoe kan 'n mens reg hê voor God? Hoe kan iemand wat uit 'n vrou gebore is, onskuldig wees?

⁵As vir God selfs die maan nie helder is nie en die sterre nie blink genoeg nie,

⁶hoeveel te minder 'n mens, 'n blote wurm, 'n mensekind, wat maar net 'n ruspe is? ”

Job 26

Job: Het jy gehelp?

¹Toe het Job weer gepraat:

²“Het jy nou dié een gehelp wat nie krag het nie? Het jy nou dié een bygestaan wat nie sterk is nie?

³Het jy nou raad gegee aan een wat nie wysheid het nie? Het jy groot insig laat blyk?

⁴Met wie se hulp het jy gepraat? By wie het jy gehoor wat jy gesê het? ”

Job: Wie verstaan die dade van God?

⁵“Dié wat reeds dood is, bewe, die doderyk en al sy bewoners.

⁶Die plek van die dood lê oop voor God, niks bedek die doderyk vir Hom nie.

⁷God sprei die hemel uit oor die leë ruimte, Hy laat die aarde hang waar niks is nie.

⁸Hy versamel die water in die wolke, en hulle skeur nie onder die las nie.

⁹Hy bedek sy troon, Hy sprei wolke daaroor uit.

¹⁰Hy plaas die horison op die see, 'n grens tussen lig en donker.

¹¹Die pilare van die hemel skud, hulle sidder vir sy dreigende woede.

¹²Deur sy krag bring Hy die see tot rus, deur sy insig verpletter Hy vir Rahab!

¹³Met die wind waai Hy die lug skoon, met sy krag deurboor Hy die seemonster.

¹⁴Dit is maar die begin van sy daade, ons hoor net die gefluister van sy woorde. Maar die volle krag van sy daade, wie kan dit verstaan? ”

Job 27

Job: Watter hoop het die godlose?

¹Job het voortgegaan en gesê:

²“So seker as God leef, Hy wat my reg van my af weggeneem het, die Almagtige wat my die bitter lyding aangedoen het:

³so lank as daar lewe in my is, so lank as die asem van God in my is,

⁴sal ek niks sê wat verkeerd is nie en sal daar geen onwaarheid uit my mond kom nie.

⁵Daarom kan ek nooit toegee dat julle reg het nie: tot my dood toe sal ek volhou dat ek onskuldig is.

⁶Ek bly daarby dat ek reg het, ek sal daarvan nie afsien en my my lewe lank daaroor verwyt nie.

⁷Mag dit met my vyande gaan soos met die goddeloses, met my teëstanders soos met dié wat onreg doen.

⁸Watter hoop het die godlose as sy lewe afgesny word, as God sy lewe opeis?

⁹Sal God sy hulpgeroep hoor as rampe hom oorval?

¹⁰Vind hy vreugde in die Almagtige? Roep hy God altyd weer aan?

¹¹Ek wil julle iets leer oor die mag van God; wat by die Almagtige is, sal ek nie verberg nie.

¹²Julle het dit tog almal al gesien, waarom dan die sinlose gepraat?

¹³“Dit is die lot wat God uitmeet vir die goddeloses, dit is wat die geweldenaars ontvang van die Almagtige.

¹⁴Hoe baie hulle kinders ook al is, hulle is vir die swaard bestem, hulle nakomelinge sal altyd honger ly.

¹⁵Dié wat van hulle oorbly, sal deur die pes verteer word, en hulle weduwees sal nie oor hulle treur nie.

¹⁶Al hoop hulle hulle geld op soos stof, en al is hulle klere so volop soos klei,

¹⁷wat hulle bymekaargemaak het, sal deur die regverdiges gedra word, en onskuldiges sal die goddeloses se geld onder mekaar verdeel.

¹⁸Die goddelose se huis is tydelik, soos 'n kokon vir 'n mot, soos 'n skerm wat deur 'n wagter gebou is.

¹⁹Die goddelose gaan slaap as ryk man, maar hy doen dit nie weer nie: as hy sy oë oopmaak, is alles weg.

²⁰Die angs oorval hom soos 'n vloed, 'n orkaan voer hom weg in die nag.

²¹Die oostewind lig hom op, en weg is hy, dit waai hom weg uit sy plek.

²²Dit storm op hom af sonder genade, hy moet vlug vir die geweld van die wind.

²³Die wind klap sy hande van blydschap terwyl hy die goddelose uit sy plek wegblaas.”

Job 28

Job: Om die Here te dien, dit is wysheid

¹“Daar is 'n plek waar silwer uitgehaal word, 'n plek waar goud gesmelt word.

²Yster word uit die grond gehaal en koper word uit erts gesmelt.

³Die mens maak 'n einde aan die donker, hy soek erts in die diepste plekke, in die donkerste hoeke.

⁴Hy grawe 'n skag waar niemand woon nie, op plekke waar niemand kom nie, ver van mense af hang hy en swaai hy.

⁵Die aarde waaruit die voedsel kom, word daar onder oopgebreek met vuur.

⁶Uit die klip van die aarde kom saffier, ook korreltjies goud.

⁷Geen roofvoël ken daardie pad nie, die oog van 'n valk kan dit nie sien nie,

⁸roofdiere loop nie daar nie, die leeu gaan nie daarlangs nie.

- ⁹“Die mens bewerk die harde rots met sy hande, hy keer die dieptes van die berge om,
- ¹⁰hy grawe gange deur die rots, sy oog sien al die skatte,
- ¹¹hy stop waterare toe en bring verborge dinge aan die lig.
- ¹²Maar die wysheid, waar word dié gevind, waar is die woonplek van die insig?
- ¹³Die mens ken nie die waarde daarvan nie, en dit word nie in die land van die lewendes gevind nie.
- ¹⁴Die diep waters sê: ‘Dit is nie in my nie,’ die see sê: ‘By my is dit nie!’
- ¹⁵Goud kan dit nie koop nie, sy waarde kan nie in silwer afgeweeg word nie.
- ¹⁶Daarvoor kan nie betaal word met die goud van Ofir of met kosbare oniks en saffier nie;
- ¹⁷goud en glas kom nie daarby in waarde nie, vir voorwerpe van fyn goud kan 'n mens dit nie ruil nie.
- ¹⁸Koraal en kristal word nie eers gereken nie, wysheid is baie meer werd as pêrels.
- ¹⁹Topaas uit Kus kom nie daarby in waarde nie, selfs met suiwer goud kan jy nie daarvoor betaal nie.
- ²⁰Die wysheid, waar kom dit vandaan? Waar is die woonplek van die insig?
- ²¹Dit is verborge vir al wat lewe, weggesteek selfs vir die voëls in die lug.
- ²²Die onderwêreld en die dood sê: ‘Ons het maar net 'n gerug daaroor gehoor.’
- ²³Net God weet hoe die pad daarheen loop, net Hy ken die woonplek van die wysheid,
- ²⁴want Hy sien die verste eindes van die aarde, Hy aanskou alles onder die hemel.
- ²⁵Toe Hy die krag van die wind bepaal het en die waters uitgemeet het,
- ²⁶toe Hy vir die reën reëls gemaak het en 'n pad vir die weerlig aangewys het,

²⁷toe het Hy die wysheid gesien en daarvan vertel, toe het Hy dit vasgestel en deurvors.

²⁸En Hy het vir die mens gesê: Om die Here te dien, dit is wysheid, om die kwaad te vermy, dit is insig.”

Job 29

Job: Toe ek nog 'n vertroueling van God was

¹Daarna het Job voortgegaan om sy saak te stel:

²“Kon dit maar weer met my gaan soos lank gelede, soos in die dae toe God nog sy hand oor my gehou het,

³toe sy lig beskermend oor my geskyn het en my pad in die donker verlig het.

⁴Dit was die beste jare van my lewe toe ek nog 'n vertroueling van God was.

⁵Toe was die Almagtige by my en my kinders rondom my.

⁶Ek het oral voorspoed geniet: volop dikmelk en strome olyfolie.

⁷Wanneer ek na die stadspoort toe gegaan het, my plek op die stadspaleis gaan inneem het,

⁸het die jongmanne opsy gestaan as hulle my sien, het die ou manne eerbiedig opgestaan.

⁹Die leiers het stilgebly, hulle het nie gepraat nie.

¹⁰Die vernames het nie 'n woord gesê nie, hulle het uit eerbied geswyg.

¹¹Dié wat van my gehoor het, het goed van my gepraat, dié wat my gesien het, het my geprys

¹²omdat ek die armes gered het wat om hulp roep, die weeskind en dié wat geen helper het nie.

¹³Die man wat met ondergang bedreig was, het my vir sy redding gedank, en ek het die hart van die weduwee bly gemaak.

¹⁴Ek het reg en geregtigheid laat geskied; vir my was dit vanselfsprekend, so vanselfsprekend as om klere aan te trek.

- ¹⁵Ek was oë vir die blindes en voete vir die kreupeles,
¹⁶ek was 'n vader vir die armes, ek het selfs onbekendes se regspraak behartig.
¹⁷Ek het die mag van dié wat onreg doen, gebreek, ek het die prooi uit hulle tande weggeruk.
¹⁸Daarom het ek gedink: ek sal eendag sonder sorg sterf in my eie huis, my lewensdae sal meer wees as wat daar sand is,
¹⁹ek sal wees soos 'n boom met sy wortels by die water en elke môre dou op sy takke,
²⁰ek sal altyd nuwe krag hê, ek sal my man kan staan.
²¹Mense het vol verwagting na my geluister, hulle het in spanning gewag op my raad.
²²Nadat ek gepraat het, het hulle niks gesê nie, hulle het my woorde ingedrink,
²³hulle het daarop gewag soos op 'n reënbus, hulle het daarna gesmag soos na die laat reën.
²⁴Ek was vriendelik met hulle toe hulle geen hoop meer gehad het nie, my goedgesindheid het verhoed dat hulle ondergaan.
²⁵Ek het hulle die koers gewys, ek was hulle leier, ek was tussen hulle soos 'n koning tussen sy soldate, soos een wat treurendes troos.”

Job 30

Job: Nou is daar geen hoop meer vir my nie

- ¹“Maar nou lag hulle vir my, mense wat jonger is as ek, mense wie se vaders ek nie werd geag het om saam met die honde my kleinvee op te pas nie.
²Buitendien, wat sou hulle vir my kon beteken? Hulle is tot niks in staat nie:
³hulle is uitgeteer deur gebrek en honger, hulle kou snags aan droë stokke in die dorre woestyn;
⁴hulle pluk aan brakbossies en struik, die wortels van die besembos is vir hulle kos;

- ⁵hulle is uitgestoot uit die gemeenskap, daar word op hulle geskel soos op diewe;
- ⁶hulle woon in die beddings van spruite, in gate in die grond en tussen die rotse;
- ⁷hulle balk soos wildedonkies tussen die struik, hulle soek skuiling in die bossies;
- ⁸hulle is mense sonder verstand, sonder eer, uitgedryf uit die land.
- ⁹“En nou sing hulle liedjies oor my en word ek deur hulle bespot.
- ¹⁰Hulle verafsku my en wil niks met my te doen hê nie, dit is vir hulle niks om my in die gesig te spoeg nie.
- ¹¹God het my weerloos gemaak, hulpeloos; mense behandel my nie meer met eerbied nie.
- ¹²Die gespuis val my goedsmoeds aan, hulle stamp my onderstebo, hulle bewerk my ondergang,
- ¹³hulle breek my lewenspad op, hulle kry dit reg om my te vernietig sonder dat iemand hulle help.
- ¹⁴Soos deur 'n wye bres kom hulle aan, kom hulle tussen die puinhoop deur aangestorm,
- ¹⁵en ek word deur ang oorval; my aansien het soos wind weggewaai, my hoop op uitkoms het soos 'n wolk verdwyn.
- ¹⁶“Nou is daar geen hoop meer vir my nie, ondergang staar my elke dag in die gesig.
- ¹⁷Elke nag skiet pyne deur my liggaam, knaagpyne wat nie end kry nie.
- ¹⁸Deur die groot geweld van God hang my klere vormloos aan my, word ek gewurg soos deur 'n boordjie om my nek.
- ¹⁹Hy gooi my in die modder asof ek stof en as is.

²⁰Ek roep na U om hulp, maar U antwoord my nie. Hier staan ek, maar U steur U nie aan my nie.

²¹U draai U teen my met u geweld, U val my aan met mag.

²²U tel my op en laat die wind my wegwaai, U ruk my heen en weer in u stormwind.

²³Ek weet dat U my bestem vir die dood, die plek waar alle mense saamkom.

²⁴Sal ek hier van my puinhoop af dan nie my hand uitsteek om hulp nie? Sal ek in my ondergang nie om hulp roep nie?

²⁵Het ek nie trane gestort vir dié wat swaarkry nie, het ek nie meegevoel betoon met die armes nie?

²⁶Ek het toe die goeie verwag, maar rampe het my getref, ek het uitgesien na lig, maar donker het my oorval.

²⁷Dit kook in my, ek kom nie tot rus nie, dae vol swaarkry bly my inwag.

²⁸Ek het swart geword, maar nie van sonbrand nie. So staan ek hier tussen julle en roep om hulp.

²⁹Al broers wat ek het, is die jakkalse; al vriende wat ek het, volstruise.

³⁰Oor my hele lyf het my vel swart geword, ek gloei van die koors.

³¹Al wat vir my oorbly, is 'n treurlied op die lier, 'n lied van trane op die fluit.”

Job 31

Job: Ek het my saak gestel

¹“Ek het my plegtig verbind om nie na 'n meisie te kyk en haar te begeer nie.

²Wat kom 'n mens toe van God in die hemel, wat gee die Almagtige daar van bo af?

³Vernietiging tref immers die bóósdóener, 'n ongeluk dié wat onreg doen.

⁴God hou my paaie dop en tel elke tree wat ek gee.

⁵“As ek my sou opgehou het met valsheid, agter bedrog sou aangehardloop het,

⁶laat God my dan weeg op 'n betroubare skaal dat Hy kan weet dat ek onskuldig is.

⁷As ek die spoor byster geraak het, my deur my begeerte laat lei het en my hande besoedel het,

⁸laat ander mense eet wat ek gesaai het, of laat my gesaaides uitgeruk word.

⁹As ek my deur 'n ander se vrou laat verlei het en gretig geloer het na my buurman se deur,

¹⁰laat my vrou dan vir 'n ander man koring maal, laat ander by haar slaap.

¹¹As ek so iets gedoen het, sou dit 'n skande gewees het, 'n misdaad vir regters om te straf.

¹²Dit sou 'n vuur gewees het wat alles vernietig en al my besittings verteer.

¹³As ek nie reg gedoen het aan my slawe en slavinne toe hulle 'n grief teen my gehad het nie,

¹⁴wat sou ek kon doen as God van my rekenskap eis, hoe sou ek my kon verweer as Hy my tot verantwoording roep?

¹⁵Het Hy wat my in die moederskoot gemaak het, hulle nie ook gemaak nie? Het Hy ons nie almal gevorm nie?

¹⁶Het ek armes geweier wat hulle gevra het en weduwees van honger laat vergaan?

¹⁷Het ek my stukkies kos alleen geëet en die weeskind nie ook daarvan laat eet nie?

¹⁸Inteendeel, van my jeug af was ek vir die weeskind 'n pa, van my kindsdae af het ek vir die weduwee gesorg.

¹⁹Het ek 'n arme sonder klere sien rondswerwe en hom nie iets gegee om aan te trek nie?

²⁰Het hulle my nie juis geprys omdat my skape se wol hulle warm gehou het nie?

- ²¹Het ek my hand teen 'n weeskind opgelig omdat ek kon reken op die partydigheid van die regters?
- ²²As ek aan iets hiervan skuldig is, mag my bo-arm afgeskeur word van my skouer af, mag my arm afgebreek word.
- ²³Maar vir die ramp wat God nou gestuur het, is ek bang, teen sy majesteit kan ek niks doen nie.
- ²⁴Het ek op goud my vertrouwe geplaas, het ek gedink fyn goud sal my sekerheid gee?
- ²⁵Het ek al my vreugde gevind in my groot rykdom, in die besittings wat ek bymekaargemaak het?
- ²⁶Het ek die son sien skyn, die maan in sy prag sien beweeg,
- ²⁷en my laat verlei om hulle te vereer met 'n soen op my hand?
- ²⁸Dit sou 'n sonde wees wat gestraf moes word, want dan sou ek God daarbo verloën het.
- ²⁹Het ek my verheug oor die ongeluk van my vyand, was ek bly as 'n ramp hom tref?
- ³⁰Nee, ek het nie met 'n enkele woord gesondig en hom dood gewens nie.
- ³¹Het die mense in my diens ooit gesê: 'By Job het ons nie genoeg gekry om te eet nie'?
- ³²Selfs 'n vreemde het nooit by my buite geslaap nie, vir 'n reisiger het my deure altyd oopgestaan.
- ³³Het ek soos ander my oortredinge weggesteek en my sonde vir myself gehou
- ³⁴omdat ek vir die mense bang was en die minagting van die familie gevrees het? Het ek stilgebly en dit nie buite gewaag nie?
- ³⁵Is daar dan niemand wat na my luister nie! My saak het ek gestel: nou moet die Almagtige my antwoord. "As iemand wat 'n klag teen my het, dit op skrif sou stel,

- ³⁶sou ek dit sonder meer bekend maak; dit sal nie vir my 'n skande wees nie.
- ³⁷Ek kan rekenskap gee van elke tree wat ek gegee het, ek kan my teëstander met vrymoedigheid tegemoet gaan.
- ³⁸As die grond wat ek bewerk, 'n klag teen my het en sy ploegvore saam sou protesteer,
- ³⁹as ek sy opbrengs verteer het sonder vergoeding aan sy eienaars en hulle van honger laat vergaan het,
- ⁴⁰mag daar dan dorings groei in plaas van koring, onkruid in plaas van gars.”
Dit is die einde van Job se woorde.

Job 32

Elihu: Voor God is ek en jy gelyk

- ¹Toe die drie vriende ophou om Job te antwoord omdat hy volgehou het dat hy onskuldig is,
- ²het Elihu seun van Barakel, 'n Bussiet uit die familie van Ram, kwaad geword vir Job. Elihu het kwaad geword omdat Job volgehou het dat hy reg het, nie God nie.
- ³Elihu was ook kwaad vir die drie vriende van Job omdat hulle Job nie reg geantwoord het nie en nie aangetoon het dat hy skuldig is nie.
- ⁴Terwyl die vriende met Job aan die praat was, het Elihu stilgebly, want hulle was ouer as hy.
- ⁵Maar toe hy merk dat die drie manne Job nie verder antwoord nie, het hy kwaad geword.
- ⁶Elihu seun van Barakel die Bussiet het begin praat: “Ek is jonk, en julle is grysaards. Daarom was ek huiwerig, ek was bang om vir julle te sê wat ek weet.
- ⁷Ek het gedink: laat die ouderdom praat, laat die ervaring sy wysheid meedeel.
- ⁸Maar dit is die gees in die mens wat die mens insig gee, die gees wat van die Almagtige af kom.

⁹Dit is nie die baie jare wat verstandig maak en aan oumense insig gee in wat reg is nie.

¹⁰Daarom sê ek: Luister na my, ek sal ook sê wat ek weet.

¹¹Ek het julle laat praat, ek het geluister na julle argumente om te kyk of julle by die regte antwoord uitkom.

¹²My aandag was op julle toegespits, maar nie een van julle het vir Job behoorlik berispe of sy argumente weerlê nie.

¹³Moet nou net nie sê: 'Ons het die wysheid gevind; God, nie 'n mens nie, sal met Job afreken' nie.

¹⁴Met my het Job nog nie geargumenteer nie, en met julle argumente sal ék hom nie pak nie.

¹⁵As die vriende verslae staan, as hulle niks meer het om te sê nie, as woorde hulle ontbreek,

¹⁶as hulle nie praat nie, as hulle daar staan en verder niks sê nie, moet ek nog langer stilbly?

¹⁷Ek wil ook 'n beurt hê om te praat, ek wil ook sê wat ek weet.

¹⁸Ek het baie om te sê, my gees dwing my om te praat.

¹⁹Dit kook in my soos wanneer wyn nie klaar gegis het nie en selfs nuwe wynsakke wil laat oopbars.

²⁰Ek moet praat, ek moet my gemoed lug, ek moet vir Job begin antwoord.

²¹Ek sal niemand voortrek nie, ek sal vir niemand partydig wees nie.

²²Partydig wees kan ek nie, want dan sou my Maker my in 'n oogwink laat verdwyn.

Job 33

¹Luister nou na my, Job, luister wat ek sê.

²Ek gaan nou praat, my woorde lê al op my tong.

³Ek gaan reguit praat, ek gaan eerlik sê wat ek weet.

⁴Die Gees van God het my gemaak, die asem van die Almagtige het my die lewe gegee.

⁵Antwoord my as jy kan, maak jou klaar om my teë te staan.

⁶Voor God is ek en jy gelyk, ook ék is maar net uit klei gevorm.

⁷Ek wil jou nie die skrik op die lyf ja nie, ek sal dit nie vir jou moeilik maak nie.

⁸Ek het jou met my eie ore hoor sê, hier waar ek dit gehoor het, het jy gesê:

⁹‘Ek is onskuldig, ek het nie oortree nie, ek is rein, ek het nie gesondig nie.

¹⁰Tog soek God fout by my, beskou Hy my as sy vyand.

¹¹Hy behandel my as 'n gevangene, Hy hou elke voetstap van my dop.’

¹²Ek sê vir jou: Hierin is jy verkeerd; God is meer as die mens.

¹³Waarom beskuldig jy vir God? Hy hoef nie vir jou rekenskap te gee van sy dade nie.”

Elihu: God spreek die mens aan

¹⁴“God spreek die mens aan, Hy huiwer nie om dit op meer as een manier te doen nie.

¹⁵Hy praat met die mens in 'n droom, in 'n gesig in die nag, wanneer die mens diep slaap, wanneer hy vas slaap op sy bed.

¹⁶Dan openbaar God Hom aan die mens en dreig dat Hy hom sal straf

¹⁷om hom van verkeerde dade af weg te hou en hom van hoogmoed te weerhou.

¹⁸God wil die mens nie die graf laat ingaan nie, Hy wil hom nie laat sterf nie.

¹⁹“Of Hy spreek die mens aan met ernstige siekte, met pyn wat aan sy liggaam knaag,

²⁰sodat alle kos hom walg, selfs die lekkerste etc.

²¹Die vleis aan sy liggaam is so weggevreet dat jy dit nie meer kan sien nie, jy sien nou net been.

- ²²Hy is op pad na sy graf toe, na dié toe wat klaar dood is.
- ²³As daar dan 'n engel by hom sou wees, een uit duisende, wat vir hom pleit, en vir hom sê wat sy plig is,
- ²⁴wat hom jammer kry en sê: 'Red hom dat hy nie sterf nie, ek het 'n losprys vir hom,'
- ²⁵dan sal sy liggaam weer jonk word, weer word soos in die dae van sy jeug.
- ²⁶Hy sal tot God bid, God sal sy gebed verhoor, hom met vreugde laat bid, hom 'n mens maak wat weer reg leef voor God.
- ²⁷Dan getuig hy voor die mense: 'Ek het gesondig, my nie gesteur aan wat reg is nie, en tog het God my nie gestraf soos ek verdien nie.
- ²⁸Hy het my gered, ek het nie gesterf nie, nou lewe ek weer.'
- ²⁹"Dit alles doen God met die mens, selfs meer as een keer.
- ³⁰So keer God die mens weg van die graf af en laat Hy hom weer lewe.
- ³¹"Luister, Job, luister na my, bly stil, ek wil praat.
- ³²Of as jy tog iets vir my wil sê, sê dit dan, praat, ek sal jou graag gelyk wil gee.
- ³³Maar as jy niks het om te sê nie, luister na my, bly stil, laat ek jou leer wat wysheid is."

Job 34

Elihu: Dit is vir God onmoontlik om verkeerd te doen

- ¹Elihu het voortgegaan:
- ²"Hoor wat ek te sê het, julle wat die wysheid het, luister na my, julle wat die kennis het.
- ³Die oor toets woorde soos die verhemelte kos proe.
- ⁴Laat ons uitmaak wat reg is, self vasstel wat goed is.
- ⁵Job het gesê: 'Ek is onskuldig, maar God laat nie aan my reg geskied nie.

⁶Al het ek die reg aan my kant, word ek vir 'n leuenaar gehou. Al is ek nie skuldig nie, is ek dodelik getref.'

⁷Is daar nog 'n mens soos Job vir wie laster is soos water drink?

⁸Hy maak vriende met dié wat onreg doen, hy gaan om met die goddeloses.

⁹Hy het beweer: 'Dit baat 'n mens nie om die wil van God te doen nie.'

¹⁰Maar luister na my, julle wat alles verstaan! God doen nie verkeerd nie, die Almagtige begaan nie 'n onreg nie.

¹¹Hy straf die mens net vir wat hy doen, Hy laat hom maar net kry wat hy verdien.

¹²Dit is vir God werklik onmoontlik om verkeerd te doen, vir die Almagtige om die reg te verdraai.

¹³Het iemand die aarde aan God toevertrou? Het iemand Hom oor die hele wêreld aangestel?

¹⁴As Hy sou besluit om sy gees, sy asem, na Hom toe terug te neem,

¹⁵dan sou al wat leef, sterf, en die mens weer stof word.

¹⁶As jy verstand het, luister hierna, hoor wat ek te sê het.

¹⁷Iemand wat die reg haat, durf tog nie regeer nie. Kan jy vir God wat regverdig en magtig is, skuldig vind?

¹⁸Hy sê selfs vir 'n koning: 'Jy is niks werd nie' en vir vername mense: 'Julle is sleg.'

¹⁹Hy is nie partydig vir leiers nie, Hy bevoordeel die ryke nie bo die arme nie, want Hy het hulle almal gemaak.

²⁰In 'n oogwink sterf hulle, in die middel van die nag oorval die doodsvrees hulle, hulle sterf, selfs die sterkes verdwyn sonder toedoen van mense.

²¹Hy hou die pad van die mens dop en sien elke tree wat hy gee.

²²Daar is nie 'n donkerte of duisternis waar dié wat onreg doen, kan wegkruip nie.

²³God hoef nie verder navraag te doen wanneer 'n mens voor Hom verskyn vir die oordeel nie.

²⁴Hy hoef nie vooraf ondersoek in te stel voor Hy sterkes vernietig en ander in hulle plek aanstel nie.

²⁵Hy sien alles raak wat hulle doen en oornag maak Hy dit tot niet.

²⁶Waar almal dit kan sien, straf Hy hulle vir hulle goddeloosheid,

²⁷want hulle het Hom nie bly dien nie en hulle nie aan sy wil gesteur nie:

²⁸die armes moes na Hom om hulp roep, Hy moes luister na die hulpgeroep van mense in nood.

²⁹“As Hy stilbly, wie kan Hom veroordeel? As Hy Hom verberg, wie kan Hom sien? Hy alleen heers oor volke en mense.

³⁰Hy wil nie dat 'n godlose oor mense regeer en hulle ondergang bewerk nie.

³¹“As jy vir God sou sê: ‘Ek het my teen U verhef, maar ek sal nie weer oortree nie;

³²leer U my wat ek self nie weet nie; as ek verkeerd gedoen het, sal ek dit nie weer doen nie,’

³³sal God jou dan nog straf omdat jy Hom geminag het? “Jý moet kies, nie ék nie, jy weet hoe sake staan. Praat!

³⁴Mense met insig, enige verstandige mens wat my hoor, sal sê:

³⁵‘Job praat sonder kennis, sy woorde is sonder insig.’

³⁶Maar Job moet end-uit getoets word, want sy argumente is dié van die goddelose mense.

³⁷Hy hoop sonde op sonde, hier tussen ons verlustig hy hom daarin, hou hy aan met praat teen God.”

Job 35

Elihu: Wat jy praat, is wind

¹Elihu het voortgegaan:

- ²“Dink jy dit handel die saak af as jy sê: ‘Ek sal my reg van God ontvang’
- ³en dan aanhou om te sê: ‘Wat baat dit my, wat kan ek wen as ek nie sondig nie?’
- ⁴Daarop sal ek jou en ook jou vriende by jou antwoord.
- ⁵Kyk op, kyk na die hemel, kyk na die wolke hoog bokant jou:
- ⁶as jy sondig, wat doen dit aan God, as jy baie keer oortree, hoe raak dit Hom,
- ⁷as jy sonder sonde is, wat baat dit Hom, wat kry Hy van jou?
- ⁸Jou sonde raak jou medemens en jou onskuld raak jou medemens.
- ⁹“Mense roep om hulp onder hulle swaar verdrukking, hulle soek hulp teen die geweld van mense met mag.
- ¹⁰Maar hulle vra nie na God, hulle Maker, na Hom wat selfs in die nag ‘n lied kan laat sing nie,
- ¹¹na Hom wat aan ons meer verstand gegee het as aan die diere, meer insig as aan die voëls.
- ¹²Mense roep om hulp, maar Hy antwoord nie, want hulle is vol hoogmoed en boosheid.
- ¹³God luister nie na hol woorde nie, die Almagtige slaan daar geen ag op nie,
- ¹⁴ook nie as jy sê dat jy Hom nie sien nie, dat jou saak voor Hom is, dat jy op Hom wag nie,
- ¹⁵as jy sê Hy straf nie in sy toorn nie, Hy dra geen kennis van die sonde nie.
- ¹⁶Job, wat jy praat, is wind, jy praat en praat, maar sonder kennis.”

Job 36

Elihu: Dink na oor die wonderdade van God

- ¹Elihu het voortgegaan:
- ²“Wag nog 'n bietjie, laat ek verder met jou praat, daar is nog argumente vir God se saak.

- ³My kennis kom van ver af, ek wil aantoon dat my Maker regverdig is.
- ⁴Wat ek sê, is nie versinsels nie, ek weet wat ek praat.
- ⁵God is magtig maar Hy sien op niemand neer nie; Hy is magtig en sy wysheid is groot.
- ⁶Hy laat die goddeloses nie in die lewe bly nie, Hy laat reg geskied aan die verdruktes,
- ⁷Hy sorg vir die regverdiges. Hy laat konings regeer, selfs baie lank. Maar as hulle hulle verhef,
- ⁸word hulle gevangenes, vasgevang in boeie, geknel deur swaarkry.
- ⁹So laat God hulle besef wat hulle gedoen het, hoe hulle gesondig het toe hulle hoogmoedig geword het.
- ¹⁰Hy laat hulle ag gee op sy bestraffing, Hy vermaan hulle om hulle van die sonde te bekeer.
- ¹¹As hulle luister en Hom dien, sal hulle hulle dae in voorspoed deurbring, hulle jare in welvaart.
- ¹²As hulle nie luister nie, sal hulle sterf, sal hulle doodgaan omdat hulle nie tot insig wou kom nie.
- ¹³Die godloses hoop die toorn van God nog meer teen hulle op, hulle roep selfs nie om hulp as God hulle in boeie laat vasvang nie.
- ¹⁴Hulle gaan jonk dood, hulle skandelige lewe is gou verby.
- ¹⁵Maar God bevry die mense in nood uit hulle ellende, Hy laat hulle op Hom ag gee in hulle verdrukking.
- ¹⁶God het jou na Hom toe getrek, weg van gevaar af, Hy het jou veilig laat lewe, dit was rustig aan jou tafels vol oorvloed.
- ¹⁷Maar nou het die oordeel wat die goddelose toekom, jou voluit getref, oordeel en straf het jou ingehaal.

¹⁸Moenie dat jou grief jou tot uittarting verlei nie, moenie jou saak wil regstel met 'n groot omkoopgeskenk nie.

¹⁹Kan hulpgeroep jou help? Nie in jou ellende nie! Ook nie al roep jy met al die krag waarom jy beskik nie.

²⁰Moenie smag na die donker van die nag, die tyd wanneer mense sterf nie.

²¹Moet ook nie jou toevlug neem tot sonde nie, jy verkies dit immers bo swaarkry.

²²Die mag van God is groot, wie kan 'n mens tot insig bring soos Hy?

²³Wie kan van Hom rekenskap eis oor sy daade? Wie kan sê: 'U het verkeerd gedoen'?

²⁴Dink liewer daaraan om sy werk te roem, sy werk wat deur mense besing moet word.

²⁵Alle mense kan dit sien, al neem hulle dit net van ver af waar.

²⁶God is groot, ons kan sy grootheid nie begryp nie, sy jare kan nie bereken word nie.

²⁷Hy trek vog op uit die see, Hy haal reën uit die groot waters uit,

²⁸dan giet die wolke water uit, laat hulle dit op al die baie mense val.

²⁹Kan iemand verstaan hoe die wolke beweeg en hoe die weer dreun daar in die woonplek van God?

³⁰Hy versprei die weerlig deur die lug, en bedek die bodem van die see.

³¹So regeer Hy oor die volke en gee Hy kos in oorvloed.

³²Hy vat die weerlig in sy hand en stuur dit op die doelwit af.

³³Die onweer kondig aan dat die storm kom, die vee snuif die lug op voor die storm losbreek.

Job 37

¹Dan begin ek bewe en gaan my hart aan die ruk.

- ²Hoor hoe bulder die stem van God, hoe dreun dit uit sy mond!
- ³Hy laat dit losbreek in die hemelruim, Hy laat dit blits tot by die uithoeke van die wêreld,
- ⁴en dan kom die donderslag. God laat sy magtige stem hoor, Hy stuur die onweer in volle krag wanneer Hy sy stem laat hoor.
- ⁵Met sy stem laat God magtige dinge gebeur. Hy doen groot dae en ons begryp dit nie.
- ⁶Hy beveel die sneeu om op die aarde te val; die reëns val, stortreëns wat getuig van sy krag.
- ⁷Hy laat alle mensewerk tot stilstand kom sodat alle mense sy werk kan leer ken.
- ⁸Die diere soek skuiling en bly in hulle skuilplekke.
- ⁹Die stormwind kom uit sy blyplek, die yswinde wat koue bring.
- ¹⁰As God die wind laat waai, ys dit en vries die groot waters.
- ¹¹Hy laat die wolke swaar word van vog, Hy stuur sy weerligte in die wolke in.
- ¹²Hy laat die wolke in die rondte maal, hulle doen wat Hy bepaal, hulle gehoorsaam sy bevel die wêreld oor.
- ¹³God stuur die storm óf om te straf óf om vir die aarde te sorg óf om sy liefde te toon.
- ¹⁴“Luister hierna, Job, staan stil en dink na oor die wonderdade van God.
- ¹⁵Weet jy hoe Hy dit alles voorberei, hoe Hy die lig deur die wolke laat breek?
- ¹⁶Weet jy hoe die wolke sweef? Dit is die wonderlike werk van Hom wie se kennis volmaak is.
- ¹⁷Jy wat jou nie eens met klere kan beskerm teen die hitte wanneer die aarde gloei onder die woestynwind nie,
- ¹⁸kan jy saam met Hom die hemelruim oopspan, stewig soos 'n spieël wat gegiet is?

¹⁹Sê jý dan vir ons wat ons vir God moet sê. In ons onkunde kan óns Hom nie antwoord nie.

²⁰Moet aan Hom vertel word wat ek sê? Moet aan Hom meegedeel word wanneer 'n mens praat?

²¹“Niemand kon die lig sien nie, die wolke het dit donker gemaak. Maar die wind het gekom en hulle weggewaai.

²²Uit die noorde kom die goudglans, die majesteit van God is ontsagwekkend.

²³Ons kan by die Almagtige nie kom nie, sy krag is groot. Hy laat reg en geregtigheid geskied, Hy verdruk niemand nie.

²⁴Daarom dien die mense Hom, en sien Hy nie dié raak wat dink dat hulle wysheid het nie.”

Job 38

Die Here: Ek sal vra, antwoord jy My

¹Toe het die Here vir Job aangespreek uit 'n stormwind uit:

²“Wie is dit wat besig is om my bedoelinge te dwarsboom met woorde wat getuig dat hy geen insig het nie?

³Maak jou reg vir die stryd: Ek sal vra, antwoord jy My.

⁴Waar was jy toe Ek die aarde se fundamente gelê het? Praat as jy die antwoord het.

⁵Wie het die aarde afgemeet? Weet jy dit? Wie het 'n maatlyn oor hom gespan?

⁶Waarop is sy voetstukke neergesit? Wie het hom aanmekaargesit

⁷daardie oggend toe die sterre saamgesing het en al die hemelinge gejubel het?

⁸Wie het die see opgedam toe hy begin uitborrel het?

⁹Ek het hom met wolke bedek, hom met donkerte toegemaak.

¹⁰Ek het vir hom perke gestel, hom agter slot en grendel gesit.

¹¹Ek het gesê: “Tot hiertoe mag jy kom, nie verder nie; hier is die grens van jou magtige golwe.”

- ¹²“Het jy, Job, in jou tyd die môre beveel om te kom? Weet jy waar die daeraad vandaan kom,
- ¹³die daeraad wat lig oor die hele aarde bring sodat die goddeloses nie in die donker kan bly skuil nie?
- ¹⁴Met die daeraad word die vorm van die aarde sigbaar, dit neem vorm aan soos klere wat aangetrek word.
- ¹⁵Dan word die goddeloses hulle bestaan ontnem en word hulle geweld beëindig.
- ¹⁶Het jy, Job, al gekom by die plek waar die seewater uitborrel, en rondgestap op die bodem van die diepsee?
- ¹⁷Het jy die ingang van die doderyk gesien, die plek van donkerte al bekyk?
- ¹⁸Kan jy 'n beeld vorm van die groot wye wêreld? Praat as jy iets daarvan weet.
- ¹⁹Hoe loop die pad na die plek waar die lig woon? En die donkerte, waar is sy woonplek?
- ²⁰Kan jy die donkerte na sy gebied toe terugvat? Ken jy die paaie na sy woongebied toe?
- ²¹Jy moet dit weet, jy wat maak of jy toe al gebore was, of jy 'n lang lewe agter die rug het.
- ²²Was jy al by die plek waar die sneeu gebêre word? Het jy al die plek gesien waar die hael gebêre word,
- ²³wat Ek opgegaar het vir 'n tyd van rampe, vir die dag as Ek wil oorlog voer?
- ²⁴Hoe loop die pad na die plek toe waar die lig sy oorsprong het en die oostewind oor die aarde begin waai?
- ²⁵Wie het vir die stortreën 'n pad oopgekap en vir die donderwolke hulle koers bepaal

- ²⁶sodat dit reën in 'n land waar nie mense is nie, in 'n woestyn waar niemand woon nie
- ²⁷en 'n droë, dor land deurnat word, sodat daar groen gras uitspruit?
- ²⁸Het die reën 'n vader? Wie het die doudruppels in die wêreld gebring?
- ²⁹Wie bring die ys te voorskyn? Wie bring die ryp in die wêreld?
- ³⁰Die water word so hard soos klip, selfs die oppervlakte van die diepsee verys.
- ³¹Sou jy die Sewester met 'n band kon vasknoop of die band van Orion kon losmaak?
- ³²Kan jy die sterre op hulle tyd laat opkom, kan jy die Beer met sy kleintjies laat uitkom?
- ³³Weet jy hoe die hemelliggame werk? Stel jy hulle invloed op die aarde vas?
- ³⁴Kan jy jou stem tot by die wolke hoorbaar maak sodat stortreën jou oordek?
- ³⁵Kan jy weerligstrale uitstuur dat hulle vir jou kom sê: 'Hier is ons'?
- ³⁶Wie gee verstand aan die ibis om teen die vloed te waarsku of wie gee insig aan die haan om die dag aan te kondig?
- ³⁷Wie het die kennis om genoeg wolke bymekaar te bring, om hierdie waterkruike van die hemel om te keer
- ³⁸wanneer die grond kliphard is en daar net groot kluite lê?

Job 39

- ¹Kan jy vir 'n leeu sy prooi vang? Kan jy vir hom genoeg gee om te eet
- ²wanneer hy in sy skuilplek gereed lê, op die loer lê agter 'n bos?
- ³Wie gee vir 'n kraai die kos wat hy nodig het wanneer sy kleintjies om hulp roep na God, rondskarrel vir iets om te eet?
- ⁴Ken jy die tyd wanneer die klipspringers lam? Staen jy en kyk waar die wildebokke kleintjies kry?
- ⁵Kan jy vir hulle die draagtyd bepaal, weet jy presies wanneer hulle moet lam?

- ⁶Hulle trek inmekaar, die bokkies word gebore, die geboortepyne is gou verby.
- ⁷Die lammers groei en word groot in die veld, hulle gaan weg en kom nie na die ooie toe terug nie.
- ⁸“Wie gee aan die wildedonkie sy vryheid en laat hom ongebonde vryloop?
- ⁹Ek het vir hom die oop veld gegee om in te bly, die brakbossies om in te wei.
- ¹⁰Hy bekommer hom nie oor die gewoel in die stad nie, hy hoef nie te luister na die geskreeu van 'n drywer nie.
- ¹¹Hy deurkruis die berge vir weiding, hy snuffel elke groen sprietjie uit.
- ¹²“Sal die buffel gewillig wees om vir jou te werk? Sal hy deur die nag by jou krip bly staan?
- ¹³Kan jy hom inspan en ploegvore met hom trek? Kan jy hom lei om die land agter jou te eg?
- ¹⁴Sal jy jou op hom verlaat vir sy reusekrag? Sal jy dit aan hom oorlaat om vir jou 'n oes te lewer?
- ¹⁵Sal jy op hom vertrou om jou graan te oes en op jou dorsvloer bymekaar te bring?
- ¹⁶“Die vlerke van die volstruis klap vrolik net soos dié van die ooievaar en die valk,
- ¹⁷maar sy lê haar eiers op die grond en broei hulle uit op die sand.
- ¹⁸Sy dink nie daaraan dat hulle stukkend getrap kan word nie, dat wilde diere haar eiers kan breek nie.
- ¹⁹Sy maak haar kuikens hard groot, asof hulle nie haar eie is nie; as haar moeite dan tevergeefs was, skrik dit haar nie af nie.
- ²⁰God het nie vir haar wysheid gegee nie, sy het geen verstand nie,
- ²¹maar wanneer sy met vlerke omhoog hardloop, lag sy die perd en sy ruiter uit.
- ²²“Gee jý vir die perd sy krag, sit jý vir hom maanhare aan?

²³Het jý gemaak dat hy kan spring soos 'n sprinkaan, dat hy almal bang maak met sy trotse gesnork?

²⁴Hy kap die grond met sy pote en trippel rond, met krag skiet hy vorentoe, die geveg in.

²⁵Bang wees bestaan vir hom nie, hy skrik nie, hy deins nie terug vir oorlog nie.

²⁶In die koker aan sy sy ratel die pyle, die spies en die swaard blink in die son.

²⁷Opgewonde en oorgehaal kap-kap hy die grond, hy kan nie wag vir die blaas van die trompet nie.

²⁸By die blaas van die trompet runnik hy, hy weet die geveg kom, hy ken die offisiere se bevele en hulle krygskrete.

²⁹“Is dit deur jou insig dat 'n valk vlieg, dat hy sy vlerke na die suide toe span?

³⁰Is dit op jou bevel dat 'n aasvoël hoog opvlieg en sy nes in die hoogte gaan bou?

³¹Hy woon op die rotse, hy bly daar, op die spits en die kranse.

³²Van daar af soek sy oë na kos, van ver af sien hy dit.

³³Sy kuikens vreet bloederige vleis, en waar iets doodgaan, is hy.”

Die Here: Wil jy vir God tereg wys?

³⁴Die Here het verder vir Job gesê:

³⁵“Wil jy 'n saak maak teen die Almagtige en Hom bestraf? Wil jy vir God tereg wys? Antwoord Hom dan! ”

Job: Nou sal ek stilbly

³⁶Job het toe vir die Here gesê:

³⁷“Ek is nie opgewasse teen U nie. Hoe sou ek U kon antwoord? Ek sal liever stilbly.

³⁸Ek het gepraat, maar ek kon nie 'n antwoord vind nie, ek het weer geprobeer, maar nou sal ek stilbly.”

Job 40

Die Here: Het jy die mag wat Ek het?

- ¹Die Here het weer vir Job aangespreek uit die stormwind uit:
- ²“Maak jou reg vir die stryd: Ek sal vra, antwoord jy My.
- ³Wil jy my beslissing tot niet maak? Wil jy My skuldig verklaar sodat jy vrygespreek kan word?
- ⁴Het jy die mag wat Ek het? Kan jy jou stem uit die onweer laat hoor soos Ek?
- ⁵Tree dan op met jou trots en jou groot mag, handel in jou majesteit en heerlikheid.
- ⁶Laat brand dan jou gloeiende toorn, sien elke trotsaard raak en sit hom op sy plek,
- ⁷sien elke trotsaard raak en verneder hom, trap die goddeloses plat.
- ⁸Begrawe hulle almal, lê hulle weg in die graf.
- ⁹Dan sal Ek teenoor jou erken dat jy jou deur jou eie mag kan red.
- ¹⁰“Kyk die seekoei: Ek het hom gemaak toe Ek jou gemaak het, hy vreet gras soos 'n bees.
- ¹¹Daar is krag in sy liggaam, die spiere in sy lyf is sterk.
- ¹²Sy stert is so reguit soos 'n seder. Sy boudspiere is inmekaar gevleg.
- ¹³Die bene in sy lyf is soos bronspipe, soos stukke yster.
- ¹⁴Onder alles wat Ek gemaak het, staan hy eerste, net sy Maker kan hom verslaan.
- ¹⁵Die berge lewer vir hom die water en al die wilde diere speel daar.
- ¹⁶Hy lê tussen waterplante, hy skuil tussen die riete in die moeras.
- ¹⁷Die skaduwee van die waterplante is sy skuiling, rondom hom is rivierpopuliere.
- ¹⁸As die rivier sterk word, skrik dit hom nie af nie, hy bly rustig al styg die Jordaan hoe hoog.

- ¹⁹Wie kan hom van voor af pak, wie kan 'n vangtou aan sy neus sit?
- ²⁰“Kan jy 'n krokodil met 'n hoek vang of hom 'n tou in die bek sit?
- ²¹Kan jy 'n lyn deur sy neus steek of sy kakebene met 'n hoek vastrek?
- ²²Sal hy jou soebat om genade of by jou mooipraat?
- ²³Sal hy 'n ooreenkoms met jou aangaan om vir altyd jou slaaf te wees?
- ²⁴Sal jy hom kan mak maak soos 'n voëltjie of kan jy hom met 'n lyn vasmaak vir jou dogtertjies?
- ²⁵Sal handelaars oor 'n prys vir hom kan kibbel? Sal hy onder kopers verdeel kan word?
- ²⁶Sal jy harpoene deur sy vel kan gooi of hom met 'n haak aan die kop kan vang?
- ²⁷Pak hom gerus met kaal hande: jy sal die geveg onthou, jy sal nie weer probeer nie.
- ²⁸Jy sal die slegste daarvan afkom. Wanneer jy hom sien, is jy al klaar oorweldig.

Job 41

- ¹Hy is wreed as jy hom wakker maak. “Wie wil dan nog teen Mý standhou?
- ²Wie wil aan Mý eise stel dat Ek iets aan hom verskuldig is? Alles onder die hemel behoort aan My.
- ³“Ek wil nog verder praat oor die krokodil, oor sy krag en sy liggaamsbou.
- ⁴Wie kan sy bek oopmaak? Wie kan met 'n toom naby sy tande kom?
- ⁵Wie kan sy kakebene oopbreek, sy kakebene met die verskriklike tande?
- ⁶Op sy rug lê die skubbe in rye vas aan mekaar gesluit:
- ⁷die een so teen die ander dat die wind nie daardeur kan waai nie;
- ⁸die een is vas aan die ander, hulle kleef aan mekaar en kan nie geskei word nie.

- ⁹As hy nies, spat die vonke, sy oë is so rooi soos die daeraad.
- ¹⁰Daar kom vuur uit sy bek, die vonke waai deur die lug.
- ¹¹Daar trek rook uit sy neusgate, soos uit 'n kokende pot op 'n vuur.
- ¹²Sy asem steek vure aan, daar skiet vlamme uit sy bek.
- ¹³Daar is groot krag in sy nek; wie hom sien, word deur angste oorval.
- ¹⁴Sy vleis is saamgepak asof dit aan hom gegiet is, dit gee nie mee nie.
- ¹⁵Sy hart is so hard soos klip, so hard soos 'n maalklip.
- ¹⁶Sterkes vlug as hy die water roer. By die eerste rimpeling gee hulle pad.
- ¹⁷Wie hom met die swaard steek, rig niks uit nie, ook nie met 'n spies, 'n pyl of 'n assegaai nie.
- ¹⁸Yster is vir hom soos strooi, brons soos vrot hout.
- ¹⁹Met pyl en boog jaag jy hom nie op die vlug nie, klippe uit 'n slingervel is vir hom niks nie.
- ²⁰Aan 'n knopkierie steur hy hom nie, hy lag as 'n swaard op hom afkom.
- ²¹Die skubbe aan sy onderkant het punte soos potskerwe, soos 'n dorsslee maak dit merke op die modder.
- ²²Hy laat die diep water kook soos in 'n pot, hy laat die water van die meer skuim.
- ²³Agter hom lê 'n blink streep op die water, lê die diep water wit van die skuim.
- ²⁴Op die grond is niemand sy gelyke nie, hy is 'n ondiër sonder vrees.
- ²⁵Hy kyk met minagting na diere groter as hy, hy is baas selfs oor al die groot diere.”

Job 42

Job: In sak en as

- ¹Daarna het Job vir die Here gesê:
- ²“Nou weet ek dat U tot alles in staat is en dat U kan uitvoer wat U besluit.

³Wie is dit wat u bedoeling wou dwarsboom sonder dat hy die insig gehad het? Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie: u wonderdade was te groot vir my, ek het dit nie verstaan nie.

⁴U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat, Ek sal vra, antwoord jy My.

⁵Tot nou toe het ek net gehoor wat mense van U sê, maar nou het ek U self gesien,

⁶en nou verag ek myself, nou sit ek vol berou, in sak en as.”

Die Here: Job sal vir julle bid

⁷Nadat Hy met Job gepraat het, het die Here vir Elifas die Temaniet gesê: “Ek is kwaad vir jou en jou twee vriende, want julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie.

⁸Vat sewe bulle en sewe ramme en gaan na my dienaar Job toe en offer dit as 'n brandoffer vir julleself. My dienaar Job sal vir julle bid, en Ek sal sy gebed verhoor en julle nie straf vir julle dwaasheid nie. Julle het nie die waarheid oor My gepraat soos my dienaar Job nie.”

Job het 'n vol lewe gehad

⁹Elifas die Temaniet, Bildad die Suagiet en Sofar die Naämatiet het gedoen wat die Here gesê het, en die Here het Job se gebed verhoor.

¹⁰Nadat Job vir sy vriende gebid het, het die Here die omstandighede van Job verander en hom twee keer soveel gegee as wat hy gehad het.

¹¹Al sy broers en susters en sy vriende wat hom vroeër geken het, het gekom en saam met hom in sy huis geëet. Hulle het hulle medelye kom betoon en hom getroos oor al die rampe wat die Here oor hom gebring het. Elkeen het vir hom 'n stuk silwer en 'n goue ring gegee.

¹²Die Here het die laaste deel van Job se lewe voorspoediger gemaak as die eerste: hy het veertien duisend stuks kleinvee, ses duisend kamele, twee duisend beeste en 'n duisend donkies gekry,

¹³en ook sewe seuns en drie dogters.

¹⁴Die oudste dogter het hy Jemima genoem, die tweede Kesia en die derde Keren-Puk.

¹⁵Nêrens in die land was daar vroue so mooi soos Job se dogters nie. Hulle pa het hulle saam met hulle broers laat erf.

¹⁶Job het nog honderd en veertig jaar gelewe. Hy het sy kinders en kindskinders tot in die vierde geslag gesien.

¹⁷Job het toe gesterf. Hy was oud en het 'n vol lewe gehad.

Psalms

Psalms 1

Die Here lei die regverdiges

- ¹Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie,
- ²maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink.
- ³Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.
- ⁴So is die goddeloses nie. Hulle is soos kaf wat deur die wind uitmekaar gewaai word.
- ⁵Daarom sal goddeloses hulle nie kan handhaaf wanneer die Here oor hulle oordeel nie en sondaars nie 'n plek hê in die vergadering van regverdiges nie.
- ⁶Waarlik, die Here lei die regverdiges op hulle pad, maar die pad van die goddeloses lei tot ondergang.

Psalms 2

Julle moet die Here met ontsag dien

- ¹Waarom is daar onrus onder die volke, waarom smee die nasies planne — en dit tevergeefs?
- ²Die konings van die aarde is in opstand, die leiers span saam teen die Here en teen sy gesalfde en sê:
- ³“Kom ons maak ons vry en gooi hulle juk af! ”
- ⁴Hy wat in die hemel woon, lag hulle uit, die Here spot met hulle.
- ⁵Hy spreek hulle aan in sy toorn, in sy gramskap jaag Hy hulle op loop:
- ⁶“Dit is Ek wat hom as my koning gesalf het op Sion, my heilige berg.”
- ⁷Ek wil vertel wat die Here aangekondig het. Hy het vir my gesê: “Jy is my seun, van vandag af is Ek jou Vader.

- ⁸Vra My, en Ek gee volke vir jou as eiendom, die hele aarde as jou besitting.
- ⁹Jy sal hulle verpletter met jou ystersepter, hulle flenters slaan soos 'n kleipot.”
- ¹⁰Wees dan nou verstandig, konings, wees gewaarsku, regeerders van die aarde!
- ¹¹Julle moet die Here met ontsag dien, Hom met vrees en bewing toejuig
- ¹²en Hom onderdanig wees, sodat Hy nie toornig word en julle op die pad omkom nie, want sy toorn ontvlam gou. Dit gaan goed met almal wat by Hom skuiling soek.

Psalms 3

Hulp kom net van die Here af

- ¹'n Psalm van Dawid toe hy vir sy seun Absalom gevlug het.
- ²Ek het so baie vyande, Here! Baie kom in opstand teen my.
- ³Daar is talle wat van my sê: “Van God kom daar vir hom geen hulp nie!” *Sela*
- ⁴Maar U, Here, beskerm my aan alle kante, U herstel my eer en aansien.
- ⁵As ek na die Here roep, antwoord Hy my van sy heilige berg af. *Sela*
- ⁶As ek gaan lê, slaap ek goed; ek word ook weer wakker, want die Here sorg vir my.
- ⁷Ek is nie bang vir tienduisende mense wat van alle kante af op my toesak nie.
- ⁸Kom tog, Here, help my, my God! U het nog altyd my vyande se mag verbreek, U het die aanval van die goddeloses afgeslaan.
- ⁹Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met u volk. *Sela*

Psalms 4

U alleen laat my veilig woon

- ¹Vir die koorleier: met snarespel. 'n Psalm van Dawid.
- ²O God wat aan my reg verskaf, antwoord my as ek roep. Toe ek in die nood was, het U my bevry. Wees my ook nou genadig en hoor my gebed!

³Hoe lank gaan julle my eer nog skend, mense, gaan julle valsheid liefhê en voorkeur gee aan leuens? *Sela*

⁴Besef tog dat die Here wonders gedoen het vir dié wat aan Hom getrou is. Die Here hoor as ek na Hom roep.

⁵As jy ontsteld raak, moenie sondig nie; dink in stilte daaroor na as jy gaan lê, en laat dit daarby! *Sela*

⁶Julle moet die offers bring wat aan julle voorgeskryf is, en julle moet op die Here vertrou.

⁷Daar is baie wat sê: “Wie sal dit weer met ons goed laat gaan? ” Wees ons tog weer goedgesind, Here, help ons!

⁸U het my reeds groter vreugde laat belewe as wat daar is by mense wat koring en wyn in oorvloed het.

⁹Nou sal ek onbesorg gaan lê en dadelik aan die slaap raak, want, Here, U alleen laat my veilig woon.

Psalms 5

Help my om u wil te doen

¹Vir die koorleier: met fluitspel. 'n Psalm van Dawid.

²Luister tog na my woorde, Here, hoor hoe ek sug.

³Gee tog aandag aan my hulpgeroep, my Koning en my God, want tot U bid ek.

⁴U luister na my stem in die môre, Here, in die môre terwyl ek voor U verskyn en op U wag.

⁵U is nie 'n God wat onreg verdra nie, die kwaad het by U geen plek nie.

⁶Hooghartiges durf nie voor U kom nie. U haat almal wat onreg doen,

⁷U roei alle leuenaars uit. Die Here verafsku moordenaars en bedrieërs.

⁸Maar ek, ek mag deur u groot liefde in u huis ingaan en in u heilige tempel buig met die eerbied wat aan U verskuldig is.

⁹Omdat ek vyande het, Here, leer my tog wat reg is en help my om u wil te doen.

¹⁰Niks wat hulle sê, is waar nie; al waaraan hulle dink, is my ondergang; hulle vlei my, maar hulle wil my in die graf laat beland.

¹¹Laat hulle daarvoor boet, o God, laat hulle deur hulle eie planne tot niet gaan. Dryf hulle weg oor hulle baie sondes, want hulle is opstandig teen U.

¹²Maar laat almal wat by U skuil, bly wees, laat hulle altyd jubel. U beskerm dié wat u Naam liefhet, en hulle juig oor U.

¹³U laat dit goed gaan met die regverdige, Here, u goedheid beskerm hom soos 'n skild.

Psalms 6

Help my, want U is getrou

¹Vir die koorleier: met snarespel; met basstem. 'n Psalm van Dawid.

²Moet my tog nie in u toorn straf nie, Here, en my in u gramskap tugtig nie.

³Ontferm U oor my, Here, want ek kwyn weg, maak my gesond, Here, want my liggaam is uitgeteer.

⁴Ek is heeltemal gedaan. Hoe lank nog, Here, voordat U uitkoms gee?

⁵Neem my weer onder u sorg, Here, en red my lewe. Help my, want U is getrou.

⁶Iemand wat dood is, kan tog nie u Naam bely nie. Kan iemand in die doderyk U prys?

⁷Ek is uitgeput van verdriet, ek huil die hele nag deur, ek deurweek my bed met tranes.

⁸My oë het dof geword van verdriet, verswak deur wat my teëstanders my aandoen.

⁹Gee pad van my af, julle almal wat onreg doen, want die Here het ag geslaan op my geroep om hulp,

¹⁰die Here het geluister na my smeking, die Here het my gebed aangeneem.

¹¹Al my vyande sal beskaamd daarvan afkom, hulle sal verslae staan; in 'n oogwink sal hulle beskaamd moet padgee.

Psalms 7

God help die opregtes

¹'n Klaaglied van Dawid wat hy vir die Here gesing het na aanleiding van die daade van Kus, 'n Benjaminiet.

²By U soek ek beskerming, Here my God. Help my, red my van almal wat my vervolg,

³sodat hulle my nie verskeur soos 'n leeu sy prooi nie, my nie uitmekaar skeur sonder hoop op redding nie.

⁴As ek iets verkeerds gedoen het, Here my God, as daar onreg aan my hande kleef,

⁵as ek 'n vriend van my kwaad aangedoen het, as ek 'n teëstander van my sommer goedsmoeds kaalgestroop het,

⁶mag die vyand my dan agtervolg en inhaal, my in die grond in trap, my tot in die stof in verneder. *Sela*

⁷Kom tog, Here, in u toorn, tree op teen die verwoede aanslag van my teëstanders. Kom my te hulp, U wat bepaal het dat reg sal geskied.

⁸Laat al die volke rondom U kom staan; neem hoog bo hulle u plek in op u regterstoel!

⁹U wat regsprek oor die volke, Here, bevind tog dat ek reg het, Here, dat ek onskuldig is.

¹⁰Maak 'n end aan al die bose daade van die goddelose mense. Stel tog die onskuldige in die gelyk. U wat die mens deur en deur toets, U is die regverdige God.

¹¹God wat die opregtes help, is my beskermmer.

¹²God is 'n betroubare regter, 'n God wat altyd die skuldiges straf.

¹³Hy maak sy swaard elke keer weer skerp, Hy span sy boog en lê aan.

¹⁴Hy hou dodelike wapens gereed en maak vir Hom brandpyle.

¹⁵Die skuldige is soos iemand wat swanger geraak het van onreg, swanger is van kwaad en leuens voortbring.

¹⁶Hy grawe 'n diep gat en val self daarin.

¹⁷Sy boosheid tref homself, en die geweld wat hy beplan het, kom op sy eie kop af.

¹⁸Ek wil die Here prys omdat Hy reg laat geskied. Die Naam van die Here, die Allerhoogste, wil ek besing.

Psalms 8

Lof aan die Skepper

¹Vir die koorleier: met musiek. 'n Psalm van Dawid.

²Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het!

³Kinders en suigeling besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring.

⁴As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U 'n plek gegee het,

⁵wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien?

⁶U het hom net 'n bietjie minder as 'n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon,

⁷U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp:

⁸skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld,

⁹die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis.

¹⁰Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!

Psalms 9

Die Here red die hulpelose

- ¹Vir die koorleier: op die wysie van “By die dood van die seun”. 'n Psalm van Dawid.
- ²Met my hele hart wil ek U prys, Here, wil ek van u magtige reddingsdade vertel.
- ³Oor U wil ek my verbly en vrolik wees, u Naam wil ek besing, o Allerhoogste.
- ⁴Toe U verskyn het, het my vyande gevlug, hulle het gestruik en omgekom.
- ⁵Toe U op die troon gaan sit het as betroubare regter, het U aan my reg laat geskied.
- ⁶U het die nasies met vernietiging gedreig, die skuldiges laat omkom, hulle naam vir altyd uitgewis.
- ⁷Dit is klaar met die vyand, daar bly net puinhope oor. U het hulle stede verwoes, niemand dink eers meer aan hulle nie.
- ⁸Die Here is altyd op sy troon; op sy regterstoel is Hy steeds gereed vir die regspraak.
- ⁹Hy lewer 'n regverdige uitspraak oor alle mense, Hy vel 'n billike vonnis oor die nasies.
- ¹⁰Vir die mens wat in gevaar verkeer, is die Here 'n toevlug, 'n skuilplek in tye van nood.
- ¹¹Daarom vertrou almal wat u Naam bely, op U, want U, Here, laat dié wat vra na u wil, nie in die steek nie.
- ¹²Sing tot eer van die Here wat op Sion woon, vertel die volke van sy dade!
- ¹³Hy dink aan die onskuldiges en wreek hulle dood, Hy verontagsaam nie die geroep van dié wat in nood verkeer nie.
- ¹⁴Wees my genadig, Here, aanskou die ellende wat my haters my aangedoen het, U wat my terugruk uit die poorte van die dood.
- ¹⁵Dan kan ek van al u roemryke dade vertel, in die poorte van Sion kan ek juig oor die uitkoms wat U gegee het.

¹⁶Die nasies het in die gat geval wat hulle gegrawe het, hulle voete is vasgevang in die net wat hulle gespan het.

¹⁷So het die Here Hom bekend gemaak, Hy het reg laat geskied, en die skuldige is deur sy eie handewerk gevang. *Higgajon Sela*

¹⁸Die doderyk is die bestemming van die skuldiges, van al die nasies wat aan God nie dink nie.

¹⁹Waarlik, die behoeftiges word nie vir altyd vergeet nie, nie vir ewig sal die verwagting van dié wat in nood is, vrugtelos wees nie.

²⁰Gryp tog in, Here, sodat die mens hom nie verhef nie. Laat die nasies voor U teregstaan.

²¹Vervul hulle so met vrees, Here, dat hulle erken dat hulle net mense is. *Sela*

Psalms 10

Die vromes roep om hulp teen hoogmoedige vyande

¹Waarom staan U so ver weg, Here? Waarom trek U U terug in tye van nood?

²Die goddeloses is vol van hulleself, hulle vervolg 'n hulpelose man. Laat hulle gevang word deur die sluwe planne wat hulle self uitgedink het.

³Die goddelose verlustig hom nou al in wat hy hoop om in die hande te kry. Die een wat hom wil verryk ten koste van 'n ander, wens homself by voorbaat geluk. Hy verag die Here.

⁴Neus in die lug sê hy: “God vra tog geen rekenskap nie!” In al sy planne is daar geen plek vir God nie.

⁵Dit gaan mos altyd goed met wat hy aanpak. U oordele is vir hom te ver weg, buite sy gesigsveld. Hy snork met veragting oor al sy vyande.

⁶Hy dink: ek sal nie wankel nie en die ongeluk sal my nooit tref nie.

⁷Hy lê 'n vloek op almal, hy onderdruk en bedrieg, hy bedink onheil en onreg.

⁸Hy lê onskuldiges voor agter die heinings en vermoor hulle in die geheim. Hy loer rond in die donker.

- ⁹Hy lê op die loer in 'n wegkruipplek soos 'n leeu agter 'n bos, hy lê op die loer om die hulpelose te vang. Hy vang hom en trek hom vas in sy net,
- ¹⁰hy slaan hom dat hy inmekaar sak. So kry hy die arme mens in die hande.
- ¹¹Hy sê vir homself: “God steur Hom nie daaraan nie, Hy kyk weg, Hy sal dit nooit raaksien nie.”
- ¹²Kom tog, Here! Toon u mag, o God! Moet die hulpeloses tog nie vergeet nie.
- ¹³Hoe durf die goddeloses God verag en reken Hy sal hulle nie uitvind nie?
- ¹⁴En die hele tyd het U dit gesien, die lyding en verdriet. U let daarop en maak daar 'n einde aan. Op U verlaat die ongelukkige hom, ook vir die weeskind is U 'n helper.
- ¹⁵Verbreek tog die magsgreep van die goddelose en van die misdadiger, straf sy misdade! Moenie een enkele van sy misdade verskoon nie.
- ¹⁶Die Here bly altyd koning, die vyande is uit sy land verdryf.
- ¹⁷U het die gesmeek van die hulpeloses gehoor, Here. U gee hulle nuwe moed. U verhoor hulle gebed.
- ¹⁸U behartig die regspraak van die weeskind en van die mens in nood, sodat niemand op aarde langer in vrees hoef te lewe nie.

Psalms 11

Ek skuil by die Here

- ¹Vir die koorleier. Van Dawid. Ek skuil by die Here. Hoe durf julle vir my sê: “Vlug na die berge toe soos 'n voël!
- ²Kyk, die goddeloses span hulle boë, en hulle lê aan met die pyl op die snaar; hulle staan reg om uit die donker die opregtes van hart te tref.
- ³As die fundamente ondermyn word, wat kan die regverdige daaraan doen? ”
- ⁴Die Here is in sy heilige tempel! Die Here is op sy troon in die hemel! Sy oë is oop, sy oë keur die mensekinders.

⁵Die Here onderskei tussen regverdige en goddelose. Wie geweld liefhet, haat Hy.

⁶Hy laat vuur en swael reën op die goddeloses, 'n skroeiende wind: dit is die beker wat hulle sal drink.

⁷Die Here is regverdig. Hy het die mense lief wat regverdig en opreg handel, en Hy sal by hulle wees.

Psalms 12

Die Here hou oor ons wag

¹Vir die koorleier: met basstem. 'n Psalm van Dawid.

²Help tog, Here, want daar is geen vrome meer nie, daar is geen betroubare mens meer oor nie.

³Die mense bedrieg mekaar; hulle mislei mekaar met vleitaal.

⁴Die Here sal al die vleitaal uitroei en die grootpraterij van die mense

⁵wat sê: "In ons tong lê ons krag. Ons lippe help ons. Ons buig vir niemand nie."

⁶Maar die Here sê: "Die swakkes word mishandel en die armes kla. Daarom gryp Ek nou in en gee uitkoms aan dié wat daarna smag."

⁷Daar is niks vals in wat die Here sê nie. Sy woorde is soos silwer wat oor en oor in 'n oond gesuiwer is.

⁸U, Here, hou oor ons wag. U sal ons vir altyd teen sulke mense beskerm,

⁹selfs al pronk goddeloses nog rond en al heers die gemeenheid nog tussen die mense.

Psalms 13

Hoe lank nog, Here?

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk?

³Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring?
Hoe lank sal die vyand my nog oorheers?

⁴Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie,

⁵anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukke oor my ondergang.

⁶Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

Psalms 14

God is aan die kant van die regverdiges

(Vgl. Ps. 53)

¹Vir die koorleier. Van Dawid. Die dwaas dink daar is geen God nie. Dwase mense vernietig alles; wat hulle doen, is 'n gruwel vir die Here. Daar is nie een wat goed doen nie.

²Van die hemel af kyk die Here die mense deur om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil van God vra.

³Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard; daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie.

⁴Julle almal wat onreg pleeg, wat my volk opeet asof julle brood eet en wat weier om die Here te dien — weet julle dan nie

⁵dat daar iets vreesliks met julle gaan gebeur nie? Omdat God aan die kant van die regverdiges is,

⁶sal daar niks kom van julle planne teen die hulpelose nie: die Here bly sy toevlug.

⁷Ag, mag daar tog uit Sion vir Israel redding kom! Wanneer die Here die lot van sy volk verander, sal Jakob juig, sal Israel bly wees.

Psalms 15

Wie het die reg om in die tempel te kom?

¹'n Psalm van Dawid. Wie het die reg om in u woonplek te kom, Here? Wie mag op u heilige berg vertoef?

²Hy wat onberispelik wandel en doen wat reg is, wat met sy hele hart die waarheid praat,

³nie kwaad praat nie, sy medemens nie kwaad aandoen nie en niemand beledig nie;

⁴hy wat dié verag wat deur God verwerp is, maar almal eer wat die Here dien; wat sy woord hou, selfs tot sy eie skade,

⁵sy geld nie op rente uitleen nie en hom nie laat omkoop om die onskuldige te kort te doen nie. Wie hom hieraan hou, sal nooit wankel nie.

Psalms 16

Niks goeds nie behalwe by God

¹'n Gedig van Dawid. Neem my in beskerming, o God; ek seek skuiling by U.

²Ek het vir die Here gesê: “Ek behoort aan U, daar is vir my niks goeds nie behalwe by U.

³Die afgode in die land, so aantreklik vir baie — met hulle wil ek niks te doen hê nie.

⁴Mag elkeen wat 'n ander god vereer, baie smart beleef. Vir afgode sal ek nie bloedoffers uitgiet nie, hulle name sal ek nie op my lippe neem nie.”

⁵Here, U is my lewe, U sorg vir my. Wat ek ontvang, kom alles van U af.

⁶'n Pragtige deel is vir my afgemeet, ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.

⁷Ek sal die Here loof wat my tot die regte insig gebring het; selfs in die nag bly ek bewus van wat Hy my leer.

⁸Ek het die Here altyd by my: omdat Hy by my is, sal ek nie struikel nie.

⁹Daarom is ek bly en juig ek en voel ek my veilig.

¹⁰U gee my nie oor aan die dood nie. U laat u troue dienaar nie in die graf kom nie.

¹¹U leer my hoe om te lewe. By U is daar oorvloedige blydskap. Uit u hand kom net wat mooi is.

Psalms 17

Gebed van 'n onskuldig vervolgte

¹'n Gebed van Dawid. Luister tog, Here, na my regverdige saak, let op my hulpgeroep. Hoor tog die gebed wat ek in alle opregtheid bid.

²U sal uitspraak lewer in my guns: u oë sien immers self wat reg is.

³As U my sou toets, my selfs in my slaap sou ondersoek, my deeglik sou keur, sou U niks verkeerds vind nie.

⁴Oor die doen en late van mense het ek niks verkeerds gesê nie: ek het my aan u bevel gehou.

⁵Elke stap van my was vas op die koers wat U aangewys het. My voete het nie daarvan afgewyk nie.

⁶Ek roep U aan, want U sal my antwoord, my God! Luister tog na my en hoor wat ek sê.

⁷Toon u wonderlike trou, U wat almal help wat vir hulle vyande by U skuil.

⁸Beskerm my soos die appel van u oog, steek my weg in die skaduwee van u vleuels

⁹vir die goddeloses wat my wil oorweldig, die doodsvyande wat my omsingel.

¹⁰Sonder enige meegevoel, met monde wat aanmatigende dinge sê, omsingel hulle my

¹¹waar ek ook gaan. Hulle soek my ondergang.

¹²Hulle is soos leeus, oorgehaal om te verskeur, soos jong leeus wat iets voorlê.

¹³Kom tog, Here, staan hulle voor, dwing hulle op die knieë. Red my met u swaard uit die mag van die goddeloses,

¹⁴met u eie hand, Here, van hierdie mense. Laat hulle ontydig omkom, sny hulle lewens af; laat hulle hulle vol eet aan die onheil wat U vir hulle gereed

hou; laat daar oorgenoeg wees vir hulle kinders en laat daar nog oorbly vir die kindskinders.

¹⁵Maar wat my betref, omdat die reg aan my kant is, sal ek weer voor U staan. As ek wakker word, sal ek my verbly in u teenwoordigheid.

Psalms 18

Dit is God wat die oorwinning gee

(Vgl. 2 Sam. 22:1-51)

¹Vir die koorleier. 'n Lied van Dawid, die dienaar van die Here. Hy het dié woorde tot die Here gerig op die dag toe die Here hom gered het uit die mag van al sy vyande en uit die mag van Saul.

²Hy het gesê: Ek het U baie lief, Here, my Sterkte.

³Die Here is my rots, my skuilplek en my redder, my God, my rots, by wie ek skuil, my skild en sterk verlosser, my veilige vesting.

⁴Onder bespotting roep ek na die Here, dan word ek van my vyande verlos.

⁵Bande van die dood het my omsluit, strome van onheil het my verskrik.

⁶Bande van die doderyk het my vasgetrek, strikke van die dood het my bedreig.

⁷In my nood roep ek na die Here, ja, ek roep om hulp na my God. In sy paleis hoor Hy my geroep. Ek roep na Hom om hulp, en Hy luister na my.

⁸Die aarde het geskud en gebewe, die fundamente van die berge het getril en geskud, want Hy was vertoorn.

⁹Rook het uit sy neus getrek, vuur uit sy mond het alles verteer, gloeiende kole uit sy binneste.

¹⁰Hy het die hemel afgebuig en afgekom, onder sy voete was duisternis.

¹¹Hy het op 'n gerub geklim en gevlieg; op die vleuels van die wind het Hy nadergesweef.

¹²Hy het Hom in donkerte gehul, donker waters en wolkemassas was sy bedekking.

¹³Uit die gloed voor Hom het wolke getrek, hael en weerligstrale.

¹⁴Die Here het dit uit die hemel laat dreun, die Allerhoogste het sy stem laat hoor in hael en weerligstrale.

¹⁵Hy het sy pyle afgeskiet en die vyand uitmekaar gejaag, hulle met 'n menigte weerligstrale op loop gejaag.

¹⁶Die seebodem het sigbaar geword, die fondamente van die aarde is blootgelê deurdat U, Here, op hulle gebulder het met die orkaan van u toorn.

¹⁷Van bo af het Hy sy hand uitgestrek en my gegryp, my uit geweldige waters uitgelig.

¹⁸Hy het my gered van my vyand wat sterk was, van my haters toe hulle vir my te magtig was.

¹⁹Die dag toe hulle my aangeval het, was my ondergang naby, maar die Here het my daarvan bewaar.

²⁰Hy het my in vryheid laat uitgaan, my gered omdat Hy my liefhet.

²¹Die Here het aan my reg laat geskied, Hy het my onskuld aanvaar,

²²want ek het die wil van die Here gehoorsaam en my nie teenoor my God skuldig gemaak nie;

²³ek het my deur al sy bepalings laat lei en nie van sy voorskrifte afgewyk nie.

²⁴Ek was opreg voor Hom, ek was op my hoede teen enige ongeregtheid.

²⁵Die Here het aan my reg laat geskied, want ek was onskuldig in sy oë.

²⁶U betoon U getrou teenoor die getroue, opreg teenoor die opregte,

²⁷rein teenoor die reine, maar U verwerp die huigelaar.

²⁸U red die verdrukke volk, U verneder die trotses.

²⁹U, Here, laat my lamp helder skyn; my God gee lig as dit donker is om my.

³⁰Met u hulp loop ek 'n oormag storm, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.

³¹Wat God doen, is volmaak; wat die Here sê, is suiwer. Elkeen wat by Hom skuiling soek, beskerm Hy.

- ³²Waarlik, wie anders as die Here is God? Ja, wie anders as ons God is 'n rots?
- ³³God omgord my met krag; Hy maak my pad voorspoedig.
- ³⁴Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok; op hoë plekke laat Hy my stewig staan.
- ³⁵Hy leer my hande om oorlog te maak, my arms om selfs die stramste boog te span.
- ³⁶Die redding wat U gebring het, was vir my 'n beskerming, u regterhand het my ondersteun, deur u hulp het ek sterk geword.
- ³⁷U het my ruim vastrapplek gegee, my enkels het nie geswik nie.
- ³⁸Ek het my vyande agtervolg en ingehaal, ek het nie omgedraai voordat hulle uitgewis was nie.
- ³⁹Ja, ek het hulle verpletter, sodat hulle nie weer kon opstaan nie. Hulle het voor my voete gesneuwel.
- ⁴⁰U het my met krag omgord vir die stryd, U het my teëstanders voor my laat swig.
- ⁴¹U het my vyande voor my laat vlug en ek kon my haters uitwis.
- ⁴²Hulle roep om hulp en daar is niemand wat help nie; hulle roep selfs na die Here, maar Hy antwoord hulle nie.
- ⁴³Ek maak hulle fyn soos stof in die wind, ek laat hulle wegspat soos modder in die strate, ja, ek vermorsel hulle.
- ⁴⁴U het my gered van opstandige mense, my as hoof van vreemde nasies aangestel. 'n Volk wat ek nie geken het nie, is my onderdane.
- ⁴⁵Wie ook al van my verneem, gehoorsaam my. Vreemde volke kruip voor my.
- ⁴⁶Hulle skrik en kom bewend uit hulle forte uit.
- ⁴⁷Die Here leef! Ek loof Hom wat my rots is. Ek prys my God wat my gered het.
- ⁴⁸Dit is God wat my die oorwinning gee, wat volke aan my onderwerp.

⁴⁹Hy red my van my vyande. Ja, U stel my buite bereik van my teëstanders, U bevry my van geweldenaars.

⁵⁰Daarvoor sal ek U loof voor die nasies, Here, tot eer van u Naam 'n lofpsalm sing!

⁵¹Dit is Hy wat aan sy koning groot oorwinnings gee en trou aan sy gesalfde betoon, aan Dawid en sy nageslag vir altyd!

Psalms 19

Die openbaring van die Here is volmaak

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Die hemel getuig van die mag van God, die uitspansel maak die werk van sy hande bekend.

³Die een dag gee die berig deur aan die ander en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.

⁴Sonder spraak en sonder woorde, onhoorbaar is hulle stem.

⁵Tog gaan daarvan 'n boodskap uit oor die hele wêreld en hulle taal bereik die uithoeke van die aarde. Vir die son is daar in die hemel 'n tent opgeslaan.

⁶As hy stralend begin om sy baan te volg, is hy soos 'n bruidegom wat uit sy slaapkamer kom.

⁷Aan die een kant van die hemel kom hy op en aan die ander kant gaan hy onder, en niks ontkom aan sy gloed nie.

⁸Die woord van die Here is volmaak: dit gee lewe. Die onderwysing van die Here is betroubaar: dit gee wysheid aan dié wat nog onervare is.

⁹Die bevele van die Here dui die regte koers aan: dit bring blydschap. Die gebod van die Here is helder: dit gee insig.

¹⁰Die eise van die Here vir sy diens is goed: dit staan altyd vas. Die bepalinge van die Here is reg: elkeen van hulle is regverdig.

¹¹Hulle is kosbaarder as goud, selfs as baie goud, soeter as heuning, as druppels uit 'n heuningkoek.

¹²U dienaar laat hom daardeur leer. Wie dit alles onderhou, groot is sy beloning.

¹³Wie sien sy eie dwalinge raak? Moet my tog nie straf vir sondes wat ek onwetend gedoen het nie.

¹⁴Weerhou my van opsetlike sondes, laat hulle nie oor my heers nie. Dan sal ek onberispelik wees en vry van hierdie groot sonde.

¹⁵Mag wat ek sê en wat ek dink tog vir U aanneemlik wees, Here, my Rots en my Verlosser.

Psalms 20

Die Here sal die oorwinning gee

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Mag die Here u gebed verhoor op die dag van nood, mag die Naam van die God van Jakob u beskerm.

³Mag Hy u te hulp kom uit die heiligdom, u bystaan uit Sion.

⁴Mag Hy al u graanoffers onthou en u brandoffers aanneemlik vind. *Sela*

⁵Mag Hy u gee wat u hart begeer en al u voornemens laat geluk.

⁶Ons sal juig oor u oorwinning en in die Naam van ons God die vaandels ontplooi. Mag die Here alles gee wat u vra.

⁷Dit weet ek: die Here sal aan sy gesalfde die oorwinning gee! Uit die heilige hemel verhoor die Here sy gebed; die Here gee deur sy groot mag aan hom die oorwinning.

⁸Sommige vertrou op strydwaens en ander op perde, maar óns, ons vertrou op die Naam van die Here ons God.

⁹Hulle sal struikel en val, maar óns sal regop en vas bly staan.

¹⁰Here, gee tog aan die koning die oorwinning. Mag die Here ons gebed verhoor wanneer ons na Hom roep.

Psalms 21

Die koning vertrou op die Here

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Here, dit is oor die openbaring van u mag dat die koning so bly is, dit is oor die oorwinning wat U hom gegee het, dat hy so jubel en juig.

³Die wens van sy hart het U vervul. Wat hy gevra het, het U hom nie geweier nie. *Sela*

⁴U skenk hom voorspoed en geluk, U plaas 'n goue kroon op sy kop.

⁵Lewe het hy van U gevra; U het hom dit gegee — 'n lang, lang lewe.

⁶Omdat U uitkoms gegee het, is hy hoog in aansien, met roem en eer het U hom oorlaai.

⁷U maak hom altyd voorspoedig, U skenk hom oorvloedige blydschap deur u nabyheid.

⁸Die koning vertrou op die Here en deur die trou van die Allerhoogste struikel hy nie.

⁹U hand sal al u vyande vind, u regterhand sal u haters tref.

¹⁰Wanneer U verskyn, Here, sal U hulle verteer soos in 'n oond. In u toorn sal U hulle vernietig, en die vuur sal hulle verteer.

¹¹U sal hulle kinders van die aarde af verdelg en die mensheid verlos van hulle nageslag.

¹²As hulle kwaad teen U beraam, bese planne uitdink, sal hulle niks uitrig nie.

¹³Wanneer U met die boog na hulle mik, slaan hulle op die vlug.

¹⁴Laat u mag seëvier, Here, dan sal ons u krag besing en daaroor roem.

Psalms 22

U het my gebed verhoor

- ¹Vir die koorleier: op die wysie van “Die wildsbok van die daeraad”. 'n Psalm van Dawid.
- ²My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep?
- ³My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie.
- ⁴U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink!
- ⁵Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered.
- ⁶Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie.
- ⁷Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag.
- ⁸Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê:
- ⁹“Laat dit aan die Here oor! Laat Hý hom red, laat Hý hom bevry as Hy dan so baie van hom hou.”
- ¹⁰U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder.
- ¹¹Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God.
- ¹²Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie.
- ¹³'n Wreeddaardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe.
- ¹⁴Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop bekke op my af.
- ¹⁵Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my.

- ¹⁶Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is.
- ¹⁷Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas.
- ¹⁸Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak.
- ¹⁹Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel.
- ²⁰En U, Here — moet tog nie so ver bly nie, Bron van my krag, help my tog gou!
- ²¹Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde.
- ²²Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor!
- ²³Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.
- ²⁴Julle wat die Here dien, prys Hom! Vereer Hom, nageslag van Jakob! Betoon Hom eerbied, nageslag van Israel!
- ²⁵Die nood van die hulpelose het Hy nie verontagsaam en gering geskat nie, Hom daarvan nie teruggetrek nie, maar die hulpgeroep na Hom het Hy gehoor.
- ²⁶My loflied in die volle vergadering kom van Hom af, my geloftes sal ek nakom voor die mense wat Hom dien.
- ²⁷By dié offermaaltyd sal die armes genoeg hê om te eet, en sal dié wat na die wil van die Here vra, Hom prys. Mag hulle lank en gelukkig lewe.
- ²⁸Mense oor die hele wêreld sal die Here erken en hulle tot Hom bekeer. Alle volke sal Hom as koning erken,
- ²⁹want die koningskap behoort aan die Here; Hy heers oor die volke.
- ³⁰Al die rykes van die wêreld sal ook aan dié maaltyd deelneem en Hom as koning erken, ja, alle mense, sterflik en verganklik, sal voor Hom kniel.

³¹Die nageslag sal Hom dien, en hulle sal van die Here vertel aan die volgende geslag.

³²Dié sal dan aan die volk wat nog gebore moet word van hierdie verlossingsdaad getuig: die Here het dit gedoen.

Psalms 23

Die Here is my Herder

¹'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie.

²Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.

³Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam.

⁴Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig.

⁵U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid.

⁶U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae.

Psalms 24

Die Here is die magtige koning

¹'n Psalm van Dawid. Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here,

²want Hy het die fondamente daarvan in die see gelê en dit stewig gevestig in die waters.

³Wie mag die berg van die Here opgaan en wie mag in sy heiligdom gaan staan?

⁴Dié een wie se hande rein en wie se hart suiwer is, wat alle bedrog vermy en geen vals eed aflê nie.

⁵So iemand sal van die Here seën ontvang, en God, sy redder, sal reg aan hom laat geskied.

⁶Die mense wat na sy wil vra en Hom dien, is die geslag van Jakob. *Sela*

⁷Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!

⁸Wie is hierdie magtige Koning? Die Here, sterk en geweldig, die Here, oorwinnaar in elke stryd.

⁹Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!

¹⁰Wie is Hy, hierdie magtige Koning? Die Here, die Almagtige, Hy is die magtige Koning. *Sela*

Psalms 25

Maak my u weë bekend

¹Van Dawid. Tot U, Here, rig ek my,

²my God, op U vertrou ek. Laat my vertrou tog nie tevergeefs wees nie, laat my vyande nie juig oor wat met my gebeur nie.

³Niemand wat sy verwagting in U stel, sal beskaam word nie. Dié wat nie op U vertrou nie, hulle kom in die skande.

⁴Maak my u wil bekend, Here, leer my u paaie.

⁵Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin, want U is God, my redder. In U stel ek elke dag my verwagting.

⁶Dink aan die liefde en trou, Here, wat U van altyd af betoon het.

⁷Moet tog nie dink aan die sondes en oortredinge van my jeug nie. Dink aan my in u trou, Here, omdat U goed is.

⁸Die Here is goed en regverdig: Hy wys selfs vir sondaars die pad aan,

⁹Hy laat aan hulpeloses reg geskied en Hy leer hulle sy pad.

¹⁰Liefde en trou is die paaie wat die Here bewandel met dié wat sy verbond en verordeninge bewaar.

¹¹Ter wille van u Naam, Here, vergewe my my sonde, want dit is groot.

¹²As iemand die Here dien, leer Hy hom watter pad hy moet kies,

- ¹³sodat hy voorspoed sal geniet en sy nageslag die land sal bly bewoon.
- ¹⁴Die Here neem dié wat Hom dien, in sy vertrou en maak sy verbond aan hulle bekend.
- ¹⁵My oë is altyd op die Here gerig, want dit is Hy wat my voete uit die vangnet sal hou.
- ¹⁶Sien my in genade aan, Here, want ek is eensaam en verstote.
- ¹⁷Ek verkeer in die allergrootste nood; bevry my tog uit my ellende.
- ¹⁸Kyk hoe sleg gaan dit met my en hoe swaar kry ek. Vergewe tog al my sondes.
- ¹⁹Kyk hoe baie vyande het ek en hoe fel haat hulle my.
- ²⁰Beskerm my en red my, laat my nie beskaamd staan nie, want by U skuil ek.
- ²¹Laat onskuld en opregtheid oor my die wag hou, want op U vertrou ek.
- ²²O God, red Israel uit al sy nood.

Psalms 26

Ek is onskuldig

- ¹Van Dawid. Laat reg aan my geskied, Here, want ek is onskuldig. Ek het op die Here vertrou en nie getwyfel nie.
- ²Toets my, Here, keur my, ondersoek my deur en deur.
- ³Ek laat my deur u liefde lei en ek lewe deur u trou.
- ⁴Ek hou my nie op met bedrieërs nie en met agterbakse mense gaan ek nie om nie.
- ⁵Ek vermy die geselskap van misdadigers en hou my nie op met goddeloses nie.
- ⁶As 'n onskuldige, Here, was ek my hande en draai ek na u altaar toe
- ⁷om my loflied te sing en van al u wonders te vertel.
- ⁸Here, u woonplek, die tuiste van u heerlijkheid, het ek lief.
- ⁹Moet my tog nie saam met die sondaars, met die moordenaars laat omkom nie.

¹⁰Daar is bedrog in hulle hande, hulle regterhande is vol omkoopgeld.

¹¹Maar ek is onskuldig. Red my en wees my genadig;

¹²dan is my pad vorentoe gelyk en sal ek die Here prys in die samekoms van die gemeente.

Psalms 27

Die Here is my lig en my redder

¹Van Dawid. Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees?

²As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis hulle wat struikel en val.

³Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertrouê hê.

⁴Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel.

⁵Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan;

⁶ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my.

⁷Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed.

⁸Ek onthou wat U gesê het: “Julle moet My kom dien!” Ek is hier om U te dien, Here.

⁹Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red.

¹⁰Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.

¹¹Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.

¹²Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan.

¹³As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie ...!

¹⁴Vertrou op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!

Psalms 28

Aan die Here kom die lof toe

¹Van Dawid. Ek roep na U, Here, my Rots, moet tog nie doof wees vir my nie. As U bly swyg, sal ek wees soos 'n sterwende.

²Hoor my smeekstem as ek na U roep om hulp, as ek my hande in gebed uitsteek na die allerheiligste deel van u tempel.

³Moet my tog nie uitroei saam met die goddeloses, die mense wat onreg doen nie. Hulle praat vriendelik met hulle bure, maar daar is kwaadwilligheid in hulle harte.

⁴Vergeld hulle volgens hulle dade en volgens hulle skandelige gedrag. Vergeld hulle volgens die werk van hulle hande en laat hulle kry wat hulle verdien,

⁵want hulle let nie op die dade van die Here en op die werk van sy hande nie. Daarom sal Hy hulle afbreek en nooit weer opbou nie.

⁶Aan die Here kom die lof toe, want Hy het my smeekstem gehoor.

⁷Die Here is my sterkte en my beskermmer, op Hom het ek vertrou. Hy het my gehelp. Daarom is ek bly en wil ek Hom loof met my lied.

⁸Die Here is 'n sterkte vir sy volk, 'n veilige beskutting vir sy gesalfde.

⁹Red u volk en seën dié wat aan U behoort; wees vir hulle 'n herder en sorg altyd vir hulle.

Psalms 29

Die stem van die Here is magtig

¹'n Psalm van Dawid. Prys die Here, julle hemelinge! Prys die Here om sy eer en mag!

²Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning!

³Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters!

⁴Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit.

⁵Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop.

⁶Hy laat die Libanon bokspring soos 'n kalf en die Sirjon soos 'n jong bees.

⁷Die stem van die Here laat weerlig uitslaan.

⁸Die stem van die Here laat die woestyn bewe. Die Here laat die Kadeswoestyn bewe.

⁹Die stem van die Here laat die wildsbokke ruk van skrik; dit stroop die bosse kaal. In sy paleis roep almal uit: "Hoe geweldig! "

¹⁰Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning.

¹¹Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed.

Psalms 30

Vir altyd sal ek U loof

¹'n Psalm. 'n Lied vir die inwyding van die tempel. Van Dawid.

²Ek wil u lof verkondig, Here, want U het my gered en my vyande nie laat bly wees oor my nie.

³Here my God, ek het na U geroep om hulp en U het my gesond gemaak.

⁴Here, U het my gered van die doderyk, my aan die lewe gehou toe ek al op pad was na die dood toe.

⁵Sing tot eer van die Here, julle wat Hom getrou dien, loof sy heilige Naam!

⁶Waarlik, sy toorn duur net 'n oomblik, maar sy goedheid lewenslank. Gisteraand was daar nog trane en vanmôre lag ek al weer.

⁷Toe dit goed gegaan het, het ek wel gesê: “Niks sal my ooit laat wankel nie.”

⁸Deur u goedheid het U my op 'n veilige berg laat staan, Here. Maar toe U U aan my onttrek het, het ek baie bang geword.

⁹Ek het na U geroep, Here. Ek het U om genade gesmeek:

¹⁰“Watter voordeel is daar in my ondergang as ek die graf moet ingaan? Kan stof U loof? Kan dit u trou verkondig?

¹¹Luister, Here, en wees my genadig! Help my, Here! ”

¹²Ek was in die rou, maar U het my van vreugde laat dans. U het my rouklere uitgetrek en vir my feesklere aangetrek.

¹³Daarom sal ek sing tot u eer; ek sal nie stilbly nie. Here my God, vir altyd sal ek U loof!

Psalms 31

My tye is in u hand

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²By U, Here, skuil ek. Laat my tog nooit teleurgestel staan nie! Bevry my, want U is getrou.

³Luister na my, red my tog gou. Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, 'n bergvesting om my te red.

⁴Ja, U is my rots en my bergvesting, ter wille van u Naam sal U my voorgaan en my lei.

⁵Bevry my uit die vangnet wat hulle vir my gestel het, want U is my toevlug.

⁶In u hande gee ek my lewe oor, want, Here, troue God, U het my vrygemaak.

⁷Ek haat mense wat waarde heg aan die nikswerd afgode; my vertrou stel ek in die Here.

⁸Ek wil jubel en juig oor u troue liefde: U was nie onverskillig teenoor my ellende nie; U het die bedreiging van my lewe raakgesien

⁹en my nie aan die mag van die vyand oorgelewer nie; U het my 'n veilige staanplek gegee.

¹⁰Wees my genadig, Here, want ek is in die nood; van verdriet het my oë swak geword, ja, alles in my.

¹¹My lewe vergaan van kommer en my jare van swaarkry; deur my ellende word my krag geknak en teer my liggaam uit.

¹²Ek is die spot van al my teëstanders, veral van my bure, 'n verskrikking vir al my bekendes. Dié wat my op straat sien, vlug vir my.

¹³Ek is vergeet soos iemand wat lankal dood is, ek het geword soos 'n ding wat lê en vergaan.

¹⁴Ek hoor dreigemente van baie; dit dreig van alle kante af. Baie span teen my saam en smee planne om my lewe te neem.

¹⁵Maar ek vertrou op U, Here, ek sê: U is my God.

¹⁶My tye is in u hand. Red my uit die hande van my vyande en vervolgers!

¹⁷Verskyn tog tot my redding, red my deur u onfeilbare liefde.

¹⁸Here, laat my nie teleurgestel staan in my verwagting as ek U aanroep nie. Laat die goddelose teleurgestel staan in hulle verwagting, laat hulle die stilte van die doderyk ingaan.

¹⁹Bring die leuenaars tot swye, dié wat vol is van hulleself en in hoogmoed en veragting teen die regverdige praat.

²⁰Hoe groot is u goedheid: dit is altyd daar vir dié wat U dien, U bewys dit voor die oë van die mense aan dié wat by U skuil.

²¹Deur u teenwoordigheid beskerm U hulle teen die sameswering van mense. U steek hulle weg vir dié wat vir hulle beskuldig.

²²Aan die Here kom die lof toe, want Hy het sy trou op wonderbaarlike wyse aan my betoon toe ek beleër was.

²³Ek het in my angs gedink: Dit is klaar met my, selfs U het my verwerp. Tog, U het geluister na my gesmeek toe ek na U om hulp geroep het.

²⁴Betuig julle liefde vir Hom, julle almal wat die guns van die Here geniet. Die Here beskerm dié wat aan Hom getrou is, maar dié wat teen Hom opstandig is, straf Hy swaar.

²⁵Wees dus sterk en hou goeie moed, julle almal wat julle vertrou in die Here stel.

Psalms 32

U het my skuld vergewe

¹'n Gedig van Dawid. Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word.

²Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie.

³Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het.

⁴U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. *Sela*

⁵Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: "Voor die Here bely ek my opstandigheid;" en U het my skuld vergewe. *Sela*

⁶Dit is waarom elke gelowige in 'n tyd van nood tot U bid; selfs vloedwaters sal hom nie skielik oorval nie.

⁷U is vir my 'n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing. *Sela*

⁸Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou.

⁹Moenie onverstandig wees nie, soos 'n perd of 'n muil wat met 'n stang in die bek beteuel moet word as jy hom wil lei.

¹⁰Die goddelose het baie smarte, maar wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde.

¹¹Verbly julle in die Here en juig, regverdiges, jubel, alle opregtes.

Psalms 33

Die Here sorg

¹Jubel in die Here, regverdiges, sing 'n loflied, opregtes!

²Loof die Here met die lier, speel vir Hom op die harp!

³Sing vir Hom 'n nuwe lied, speel met volle oorgawe, jubel dit uit!

⁴Wat die Here sê, gebeur, alles wat Hy doen, staan vas.

⁵Hy het geregtigheid en reg lief, die hele wêreld is vol van die Here se troue liefde.

⁶Deur die woord van die Here is die hemele gemaak, deur sy bevel al die hemelliggame.

⁷Hy het die seewater laat saamkom soos in 'n dam, die groot waters op een plek opgegaar.

⁸Die hele aarde moet die Here vrees, al die bewoners van die wêreld moet vir Hom ontsag hê,

⁹want Hy het gepraat en dit was so, Hy het beveel en dit was daar.

¹⁰Die Here verydel die planne van die nasies, Hy laat hulle besluite op niks uitloop.

¹¹Maar die planne van die Here staan vir altyd vas, sy besluite van geslag tot geslag.

¹²Dit gaan goed met die nasie wie se God die Here is, met die volk wat Hy vir Hom as sy eie gekies het.

¹³Die Here kyk uit die hemel en sien al die mense.

¹⁴Van die plek waar Hy as koning sit, sien Hy almal wat onder op die aarde woon.

- ¹⁵Dit is Hy wat hulle verstand gevorm het, wat al hulle werk deurgrond.
- ¹⁶Dit is nie deur 'n groot leër dat 'n koning wen nie, en nie deur groot krag dat 'n held behoue uitkom nie.
- ¹⁷Dit is nie waar dat die perd die oorwinning gee en dat sy groot krag redding bring nie.
- ¹⁸Dit is die Here wat sorg vir dié wat Hom eer, vir dié wat op sy mag vertrou
- ¹⁹om hulle van die dood te red en hulle in die lewe te hou in hongersnood.
- ²⁰Ons vertrou op die Here: Hy is ons hulp en ons beskermmer.
- ²¹Ja, in Hom is ons hart bly, op sy heilige Naam vertrou ons.
- ²²Hou u liefde oor ons, Here, want ons stel ons vertrou in U.

Psalms 34

Die Here is naby

- ¹'n Lied van Dawid. Hy het hom kranksinnig gehou by Abimelek. Dié het hom weggejaag en hy het padgegee.
- ²Ek sal die Here altyd weer prys, sy lof sal altyd op my lippe wees.
- ³Ek sal die roem van die Here sing; dié wat swaar kry, sal dit hoor en daaroor bly wees.
- ⁴Sing saam met my oor die grootheid van die Here en laat ons saam sy Naam prys.
- ⁵Ek het die Here aangeriep en Hy het my geantwoord, Hy het my gered uit alle doodsgeware.
- ⁶Dié wat swaar kry, sien op na Hom en straal van blydschap, hulle word nie teleurgestel in hulle verwagting nie.
- ⁷Ek is een van die ellendiges wat geroep het. Die Here het gehoor, uit al my benoudhede het Hy my gered.
- ⁸Die Engel van die Here slaan sy laer op rondom dié wat die Here dien, en red hulle.

- ⁹Kom ondervind en sien self dat die Here goed is! Dit gaan goed met die mens wat by Hom skuil.
- ¹⁰Julle wat aan die Here behoort, dien Hom! Wie Hom dien, het geen gebrek nie.
- ¹¹Selfs leeus ly gebrek en kry honger, maar wie die Here se hulp vra, kom niks kort van al die goeie dinge nie.
- ¹²Kom, kinders, luister na my! Ek wil julle leer hoe om die Here te dien.
- ¹³As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet,
- ¹⁴moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.
- ¹⁵Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!
- ¹⁶Die Here sorg vir die regverdiges en luister na hulle hulpgeroep.
- ¹⁷Maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen en vee selfs die herinnering aan hulle van die aarde af.
- ¹⁸As die regverdiges om hulp roep, hoor die Here hulle en red Hy hulle uit al hulle benoudhede.
- ¹⁹Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses.
- ²⁰Al word die regverdige ook deur hoeveel rampe getref, die Here red hom uit almal.
- ²¹Die Here sorg vir die hele liggaam van die regverdige: geen been word gebreek nie.
- ²²Die kwaad wat die goddelose doen, bewerk sy eie ondergang: vir sy vyandskap teen die regverdige sal hy boet.
- ²³Die Here maak sy dienaars vry. Wie by Hom skuil, sal nie as skuldige behandel word nie.

Psalms 35

Red my kosbare lewe

- ¹Van Dawid. Behartig my saak teen dié wat my aankla, Here, tree op teen my vyande,
- ²gryp die skilde en kom help my.
- ³Vat die spies en keer my vervolgers. Laat ek U hoor sê: “Ek red jou! ”
- ⁴Laat hulle wat my lewe soek, die slegste daarvan afkom en beskaamd staan. Laat hulle wat my ondergang soek, op die vlug slaan, teleurgestel in hulle verwagting.
- ⁵Laat die Engel van die Here hulle jaag soos kaf voor die wind.
- ⁶Maak hulle pad donker en glibberig en laat die Engel van die Here hulle agtervolg,
- ⁷want hulle het nie rede gehad om vir my 'n strik te stel en vir my 'n gat te grawe nie.
- ⁸Laat hulle einde skielik kom! Laat hulle in hulle eie strik beland! Laat hulle self in die gat val wat hulle gegrawe het!
- ⁹Maar ek sal juig in die Here, ek sal jubel oor die redding wat Hy bring.
- ¹⁰My hele wese sê: “Here, wie is soos U wat die swakke bevry van dié wat sterker is, die swakke en die arme van dié wat hom beroof? ”
- ¹¹Dit is kwaadwillige getuies wat teen my optree. Hulle beskuldig my van dinge waarvan ek niks weet nie.
- ¹²Hulle vergeld my kwaad vir goed, hulle gebruik elke geleentheid om my by te kom.
- ¹³En tog, toe hulle siek was, het ek getreur soos oor 'n sterfgeval: rouklere aangetrek en myself gekasty deur nie te eet nie. Ek het sonder ophou vir hulle gebid
- ¹⁴soos vir 'n vriend of 'n broer. Ek het rondgeloop soos een wat oor sy moeder treur, krom en in die rou.

¹⁵Maar nou dat ek in die moeilikheid is, is dit vir hulle lekker en span hulle saam teen my. Sonder dat ek weet waarom, skeur hierdie skoorsoekers my uitmekaar en hulle kry nie end nie.

¹⁶Nou dat ek struikel, lag hulle daaroor; nou kom dreig hulle my.

¹⁷Hoe lank, Here, sal U dit duld? Red my kosbare lewe van die aanslag van hierdie mense wat my soos leeus bedreig.

¹⁸Dan sal ek U in 'n volle vergadering dank en voor die hele gemeente prys.

¹⁹Moenie dat hulle wat sonder rede my vyande is, hulle verlustig in my leed nie. Moenie dat dié wat my sonder aanleiding haat, hulle verlustig in my leed nie.

²⁰Hulle wil nie vrede hê nie, hulle kom met vals beskuldigings teen vredeliewende mense.

²¹Hulle rek hulle monde teen my oop en sê: “Ja, ons het dit self gesien.”

²²Maar U het gesien dit is nie so nie, Here. Moet tog nie swyg nie. Moenie ver van my af bly nie, Here.

²³Tree tog vir my in, my God. Doen tog iets aan my saak, Here.

²⁴U is regverdig, Here my God, laat reg aan my geskied, sodat hulle hulle nie in my leed verlustig nie.

²⁵Moenie dat hulle vir hulleself sê: “Dis mos wat ons wou gehad het” nie. Moenie dat hulle sê: “Ons het hom vernietig” nie.

²⁶Laat almal wat bly is oor my ellende, teleurgestel word in hulle verwagting en self in die ellende beland. Laat oor hulle wat op my neersien, skande en smaad kom.

²⁷Maar dié wat wil hê ek moet vrygespreek word, laat hulle juig en bly wees, laat hulle altyd weer sê: “Die Here is groot. Hy sorg dat sy dienaar vrede het.”

²⁸My tong sal nie stil word oor u trou nie, dag vir dag sal ek U loof.

Psalms 36

Hoe kosbaar is u trou, o God!

- ¹Vir die koorleier. Van Dawid, die dienaar van die Here.
- ²In die hart van die goddelose het die opstand teen God die laaste woord. Die goddelose het geen vrees vir God nie
- ³en praat net goed oor homself. Hy is altyd daarop uit om kwaad te doen en om te haat.
- ⁴As hy praat, is dit kwaadwillig en vals; verstandig wees en goed doen bestaan nie vir hom nie.
- ⁵Selfs as hy gaan lê, dink hy net kwaad uit; hy bly op 'n pad wat nie reg is nie; wat sleg is, verwerp hy nie.
- ⁶Here, u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke,
- ⁷u geregtigheid tot op die hoogste berge, die reg wat U spreek, tot in die dieptes van die see. U sorg vir mens en dier, o Here.
- ⁸Hoe kosbaar is u trou, o God! U beskerm die mense wat by U skuil.
- ⁹In u huis geniet hulle oorvloed, U laat hulle drink uit die strome van u goedheid.
- ¹⁰U is die bron van die lewe, deur u lig lewe ons.
- ¹¹Laat u liefde bly by dié wat U erken en u trou by dié wat opreg is.
- ¹²Laat my nie onder die voete van eiegeregtige mense beland nie, moenie dat goddeloses my hier wegdryf nie!
- ¹³Dié wat altyd onreg doen, val net daar waar hulle is; hulle word platgeslaan en kan nie weer opstaan nie.

Psalms 37

Laat jou lewe aan die Here oor

- ¹Van Dawid. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie,
- ²want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer.
- ³Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort.

- ⁴Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer.
- ⁵Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg.
- ⁶Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag.
- ⁷Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie.
- ⁸Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende.
- ⁹Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertrou in die Here stel, sal in besit bly van die land.
- ¹⁰Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie.
- ¹¹Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart.
- ¹²Die goddelose soek die ondergang van die regverdige en bedreig sy lewe.
- ¹³Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom.
- ¹⁴Die goddeloses trek die swaard en span die boog om die hulpelose en die arme dood te maak, om dié wat die regte pad loop, te vermoor.
- ¹⁵Die goddeloses se swaarde sal hulle eie harte tref en hulle boë sal stukkend gebreek word.
- ¹⁶Die bietjie van die regverdige is beter as die rykdom van talle goddeloses,
- ¹⁷want die mag van die goddeloses sal verbreek word, maar die Here sal die hulp wees van die regverdiges.
- ¹⁸Die Here sorg vir die lewe van die opregtes, en wat hulle besit, sal hulle behou so lank hulle lewe.
- ¹⁹In tyd van nood sal hulle nie verleë staan nie, in tyd van gebrek sal hulle genoeg hê.

- ²⁰Die goddeloses sal te gronde gaan, die vyande van die Here sal tot niet gaan; soos mooi weivelde wat in vlamme opgaan, so sal hulle verdwyn.
- ²¹Die goddelose leen en betaal nie terug nie, die regverdige kry jammer en help.
- ²²Dié wat deur die Here geseën word, sal die land besit; maar dié wat deur Hom vervloek is, sal uitgeroei word.
- ²³Die Here bepaal die koers van die mens met wie se pad Hy tevrede is, en Hy ondersteun hom.
- ²⁴As so iemand val, bly hy nie lê nie, want die Here help hom op.
- ²⁵Ek was jonk en ek het oud geword, maar nooit het ek 'n regverdige verlate gesien of dat sy nageslag brood soek nie.
- ²⁶Hy is altyd vrygewig, hy leen uit sonder rente: met sy nageslag sal dit goed gaan.
- ²⁷Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, dan sal jy die land altyd bewoon,
- ²⁸want die Here het die reg lief en sy troue dienaars verlaat Hy nie. Hulle sal altyd behoue bly, maar die nageslag van die goddeloses sal uitgeroei word.
- ²⁹Die regverdiges sal die land besit en altyd daarin woon.
- ³⁰Wat die regverdige praat, is wysheid, wat hy sê, stem ooreen met die reg.
- ³¹Die openbaring van sy God is in sy hart, sy koers is nie onseker nie.
- ³²Die goddelose lê die regverdige voor en soek 'n kans om hom dood te maak,
- ³³maar die Here los hom nie in die mag van die goddelose nie en laat nie toe dat hy veroordeel word as hy voor die regbank staan nie.
- ³⁴Vertrou op die Here en bly op sy weë; Hy sal jou weer laat opstaan om die land te besit, en jy sal die ondergang van die goddeloses aanskou.
- ³⁵Ek het al gesien dat 'n slegte, roekelose mens geil opskiet soos 'n plant,

³⁶en toe ek weer verbykom, was hy nie meer daar nie; ek het hom gesoek en hy was nêrens nie.

³⁷Maar let nou op die eerbare mens, kyk na die opregte: die regskepe man, vir hom is daar 'n toekoms.

³⁸Dié wat hulle teen die Here verset, word voor die voet uitgewis, die toekoms van die goddeloses word afgesny,

³⁹maar die regverdiges word deur die Here gered. Hy is hulle toevlug in tyd van nood.

⁴⁰Die Here help hulle en Hy bevry hulle, Hy bevry hulle van die slegte mense en red hulle, want hulle skuil by Hom.

Psalms 38

My sonde kwel my

¹'n Psalm van Dawid. 'n Herinnering.

²Moet my tog nie in u toorn bly straf nie, Here, en my langer in u gramskap tugtig nie.

³U pyle het my getref, u hand lê swaar op my.

⁴Deur u toorn is daar nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie, deur my sonde is daar nie meer 'n heel plek aan my lyf nie.

⁵Ja, my ongeregthede het my oorweldig soos 'n las wat vir my te swaar is.

⁶My wonde stink en sweer, en dít deur my eie dwaasheid.

⁷Ek is krom en inmekaar getrek, ek loop die hele dag en treur,

⁸want my lyf brand van die koors en daar is nie meer 'n gesonde plek aan my liggaam nie.

⁹Ek is gedaan en heeltemal platgeslaan, my hart jaag en ek brul van die pyn.

¹⁰U weet waarna ek smag, Here, my gesmeek is vir U geen geheim nie.

¹¹My hart jaag, my krag het ingegee, ek kan nie eers meer sien nie.

¹²My siekte hou my familie en my vriende ver van my af, en my bure kom nie naby my nie.

¹³Dié wat my lewe soek, stel vir my strikke, dié wat daarop uit is om my kwaad aan te doen, praat al klaar van my ondergang; die hele dag deur dink hulle vals beskuldigings teen my uit.

¹⁴Maar ek hou my doof, ek hoor niks, ek hou my stom, ek maak my mond nie oop nie.

¹⁵Ek het geword soos 'n man wat niks hoor nie en wat niks het om te antwoord nie.

¹⁶Ek vertrou op U, Here, U sal antwoord, Here my God.

¹⁷Ek vra U: “Moenie dat hulle hulle verlustig in my leed en hulle groot hou as die lyding vir my te veel word nie.”

¹⁸Ek kan dit byna nie meer uithou nie, ek is nooit sonder pyn nie.

¹⁹Ek bely my ongeregtheid, my sonde kwel my.

²⁰My vyande is vol lewenskrag en daar is so baie wat my sonder rede haat,

²¹wat my kwaad vir goed vergeld en teen my is omdat ek die goeie najaag.

²²Moet my tog nie verlaat nie, Here, my God, moenie ver van my af bly nie!

²³Maak tog gou om my te help, Here, my Redder!

Psalms 39

U is my enigste hoop

¹Vir die koorleier. 'n Belydenis. 'n Psalm van Dawid.

²Ek het gesê: “Ek wil sorgvuldig let op my lewe en nie sondig met wat ek sê nie. Ek wil nie 'n woord praat as 'n slegte mens my teëstaan nie.”

³Ek was stom en sprakeloos, ek het geswyg, nie gepraat nie, maar my smart het al hoe groter geword.

⁴Daar was 'n brandpyn in my, my smart het 'n vuur in my geword. Toe móés ek praat.

⁵Maak tog aan my bekend wanneer my einde sal wees, Here, en hoeveel dae daar vir my oor is, sodat ek sal weet wanneer my lewe verby is.

⁶Kyk, U het bepaal dat my dae min sal wees, in u oë is my lewensduur byna niks. Ag, alle mense is maar verganklik. *Sela*

⁷Die mens leef soos in 'n droom en hy sloof hom af vir niks. Hy gaar op, maar weet nie wie dit sal kry nie.

⁸Is daar nog hoop vir my, Here? U is my enigste hoop.

⁹Red my van al my teëstanders, laat my nie die spot van dwase word nie.

¹⁰Ek kla nie, ek maak my mond nie oop nie, want U het dit oor my gebring.

¹¹Neem tog weg die smart waarmee U my getref het. Die las wat U my opgelê het, laat my krag ingee.

¹²As U 'n mens die straf oplê wat sy sonde verdien, verteer U hom soos 'n mot 'n klee. Ag, alle mense is verganklik. *Sela*

¹³Hoor tog my gebed, Here, luister na my hulpgeroep; moet tog nie koud staan teenoor my trane nie, want ek is net op u beskerming aangewese; U alleen sorg vir my, soos vir al my voorvaders.

¹⁴Neem tog u straf van my weg, dat ek weer bly kan wees voordat ek heengaan en nie meer daar is nie.

Psalms 40

Here, red my tog!

¹Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm.

²Ek het gesmag na die hulp van die Here. Hy het na my toe afgebuig en my hulpgeroep gehoor.

³Hy het my uitgetrek uit die put van die dood, uit die slymerige modder, my op 'n rots laat staan en my weer op vaste grond laat loop.

⁴Hy het my 'n nuwe lied in die mond gelê, 'n loflied vir ons God. Baie sal daarvan hoor en Hom die eer toebring, hulle sal op die Here vertrou!

⁵Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel en hom nie wend tot duister magte en tot mense wat hulle met skyngode ophou nie.

⁶Here my God, U het baie wonderlike dinge gedoen; U dink altyd aan ons; daar is niemand soos U nie. Ek sou daarvan wou vertel en daaroor praat, maar dit is te veel om op te noem.

⁷Dit is nie diereoffers of graanoffers wat U wil hê nie, nie brandoffers of sondeoffers wat U vra nie; U wil gehoorsaamheid hê.

⁸Daarom het ek gesê: “Hier het ek gekom soos dit in die boekrol vir my voorgeskrywe is.

⁹Om u wil te doen, my God, is my een begeerte, u woord is my hele lewe.”

¹⁰Met blydschap het ek aan die gemeente vertel U het my verlos. Ek het nie stilgebly nie, Here, U weet dit!

¹¹Dat U verlos, het ek nie vir myself gehou nie, ek het gepraat oor u trou en u hulp. Oor u goedheid en u trou het ek in die gemeente nie stilgebly nie.

¹²Moet my tog nie uitsluit van u ontferming nie, Here, laat u liefde en trou my voortdurend bewaak,

¹³want ramp op ramp het my oorval, my ongeregthede het my ingehaal; ek weet nie meer waarheen nie. Hulle is meer as die hare op my kop; ek is moedeloos.

¹⁴Here, red my tog asseblief! Here, kom my tog gou te hulp!

¹⁵Laat dié wat my lewe wil neem, self in die ellende beland, teleurgestel in hulle verwagting; laat dié wat graag my ondergang wil sien, op die vlug slaan en beskaamd staan.

¹⁶Laat dié wat my spot, verbysterd staan omdat hulle self in die ellende beland het.

¹⁷Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staat maak, altyddeur sê: “Die Here is groot! ”

¹⁸Ek is hulpeloos en arm, maar die Here dink aan my. U is my hulp en my redder; my God, moet tog nie talm nie!

Psalms 41

Here, wees my genadig

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Dit gaan goed met die mens wat omsien na die swakke. Die Here sal hom red op die dag van nood,

³die Here sal hom beskerm en in die lewe hou; die hele land sal praat oor hoe goed dit met hom gaan. U sal hom nie uitlewer aan die wraaksug van sy vyande nie.

⁴Die Here sal hom bystaan in sy siekte. As hy siek is, sal U hom genees.

⁵Ek het gesê: “Wees my genadig, Here! Maak my tog gesond; ek het teen U gesondig.”

⁶My vyande wens my net die ergste toe: “Wanneer gaan hy dood en verdwyn sy naam? ”

⁷As iemand na my kom kyk, dink hy dis klaar met my. Hy kom kyk hoe sleg dit gaan en gaan vertel dit buite rond.

⁸Almal wat my haat, staan en fluister oor my, hulle wens my net die ergste toe:

⁹dis 'n dodelike siekte wat hom getref het, waar hy nou daar lê, sal hy nie weer opstaan nie!

¹⁰Selfs my boesemvriend op wie ek vertrou het, wat altyd by my geëet het, het my in die rug gesteek.

¹¹Wees U my genadig, Here, en laat my hier opstaan, dat ek aan hulle kan doen wat hulle aan my gedoen het.

¹²Dit weet ek: U het my lief, my vyand sal nie oor my triomfeer nie.

¹³Ek is onskuldig, U hou my vas en laat my altyd by U bly.

¹⁴Aan die Here, die God van Israel, kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Amen, ja, amen.

Psalms 42

Mens, waarom so in vertwyfeling?

¹Vir die koorleier. 'n Gedig van die Koragiete.

²Soos 'n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God.

³Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn?

⁴Dag en nag is ek in trane, want sonder ophou sê hulle vir my: “En waar is jou God nou? ”

⁵As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor 'n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang — 'n skare wat feesvier.

⁶Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper

⁷en my God! Uit my vertwyfeling roep ek na U hier van die Jordaangebied, van Hermonberg, van die Kleinberg af

⁸waar die waters teen mekaar raas en u waterstrome bruis. U het golf na golf oor my laat slaan.

⁹Tog sal die Here weer op 'n dag sy trou laat blyk en sal ek selfs in die nag 'n lied vir Hom sing, 'n gebed tot die God van my lewe.

¹⁰Ek wil vir God sê: “My Rots, waarom het U my vergeet? Waarom moet ek gebuk gaan onder die smaad van die vyand? ”

¹¹Dit sny deur my hele wese as my teëstanders my spot en dag na dag vir my sê: “En waar is jou God nou? ”

¹²Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God!

Psalms 43

Stuur u lig en u waarheid

¹Laat tog reg aan my geskied, o God, behartig tog my saak teen 'n godlose bende, red my van vals en misdadige mense.

²Net U is my skuiling, my God; waarom verstoot U my dan? Waarom moet ek gebuk gaan onder die smaad van die vyand?

³Stuur u lig en u waarheid dat dié my lei en my bring na u heilige berg, na u woning!

⁴Laat my ingaan na die altaar van God, die God oor wie ek wil jubel en juig, dat ek U kan loof met die lier, o God, my God!

⁵Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom 'n loflied sing. Hy is my helper en my God!

Psalms 44

Kom ons tog te hulp

¹Vir die koorleier. Van die Koragiete. 'n Gedig.

²Met ons eie ore het ons gehoor, o God, ons vaders het ons dit vertel, dat U in die ou dae, in die gryse verlede, 'n groot daad gedoen het.

³U het nasies met u eie hand verdryf, maar u volk 'n vaste woonplek gegee. U het nasies se mag verbreek om aan u volk vryheid te gee.

⁴Dit is nie met die swaard dat u volk die land in besit geneem het nie, nie deur hulle eie mag dat hulle die oorwinning behaal het nie, maar deur u krag, u mag en u teenwoordigheid, omdat U hulle liefgehad het.

⁵U is my koning, o God; gee tog aan Jakob se nageslag die oorwinning.

⁶Met u hulp sal ons ons teëstanders verslaan, in u Naam sal ons dié oorwin wat teen ons opstaan.

⁷Op my boog vertrou ek nie en my swaard sal my die oorwinning nie gee nie,

⁸want dit is U wat ons die oorwinning oor ons teëstanders gegee het en ons vyande die aftog laat blaas het.

- ⁹Ons het God die hele dag deur geprys en sy Naam altyddeur geloof. *Sela*
- ¹⁰Tog het U ons nou verstoot en ons in die skande laat kom. U trek nie meer saam met ons leërs uit nie.
- ¹¹U laat ons vlug voor ons teëstanders; ons vyande plunder na hartelus;
- ¹²U lewer ons uit: ons is soos slagskape. U verstrooi ons onder die nasies;
- ¹³U gee u volk sommerso weg, vir niks; daar steek geen voordeel vir U in nie.
- ¹⁴U stel ons bloot aan die veragting van ons bure, aan die spot en beskimping van almal rondom ons.
- ¹⁵U maak ons tot 'n bespotting onder die nasies, 'n minagting onder die mense.
- ¹⁶Ek gaan dag vir dag gebuk onder die skande, en die smaad is op my gesig te lees,
- ¹⁷want ek hoor net die spottaal van die vyand en die godslastering van dié wat op wraak uit is.
- ¹⁸Al hierdie dinge het oor ons gekom, hoewel ons U nie vergeet het nie en aan u verbond nie ontrou was nie.
- ¹⁹Ons het nie afvallig geword nie en van u pad nie afgewyk nie.
- ²⁰Tog het U ons verwoes; ons land het 'n puinhoop geword; U het die donker oor ons laat toesak.
- ²¹As ons die Naam van ons God nie aangeroep het nie en 'n vreemde god om hulp gevra het,
- ²²sou God dit dan nie kon vasstel nie? Hy ken immers die geheime van die hart.
- ²³Dit is oor U dat die dood ons gedurig tref, dat ons soos slagskape behandel word.
- ²⁴Kom ons te hulp! Waarom slaap U, Here? Word tog wakker! Moet ons nie vir altyd verstoot nie!

²⁵Waarom draai U u rug vir ons? Waarom steur U U nie aan ons ellende en smaad nie?

²⁶Ons is tot in die stof verneder, ons is teen die grond.

²⁷Kom ons tog te hulp en bevry ons, dat so u troue liefde blyk.

Psalms 45

Gedig vir 'n koning

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Lelies”. Van die Koragiete. 'n Gedig. 'n Lied van die liefde.

²Mooi woorde roer in my hart; ek dra my gedig voor aan die koning; my tong is soos die pen van 'n vaardige skrywer.

³U is mooier as alle mense; oor u lippe vloei net vriendelike woorde, want u hele lewe lank seën God u.

⁴Kom, held, maak u reg vir die stryd, kom in u koninklike luister.

⁵Mag u oorwin! Knoop die stryd aan vir die waarheid en vir die reg van die hulpelose! U is geroepe tot magtige daade.

⁶U skerp pyle laat volke voor u voete val; hulle deurboor die hart van die koning se vyande.

⁷U troon, verhewe wese, staan vir altyd vas, met u koninklike septer laat u geregtigheid geskied.

⁸U het die reg lief en u haat die onreg, want, verhewe wese, onder groot vreugde het u God u bo u tydgenote tot koning gesalf.

⁹Die geur van mirre, aalwyn en kaneel deurtrek al u klere; musiek uit u ivoorversierde paleis maak u bly.

¹⁰Voor u staan prinsesse, getooi met u juwele, en aan u regterhand die koningin, versier met goud van Ofir.

¹¹Luister, dogter, luister goed: neem afskeid van u volk en u familie,

¹²want u skoonheid bekoor die koning. U behoort aan hom, u moet hom eer.

¹³Dogter van Tirus, die rykes van die volk sal u guns soek met geskenke.

¹⁴In louter prag staan die koningin daar in haar kleed van goudbrokaat;

¹⁵in haar veelkleurige rok word sy na die koning toe gelei; sy en haar gevolg van jong meisies, haar vriendinne, word na u toe gebring.

¹⁶Onder uitbundige vreugde word hulle ingelei, betree hulle die paleis van die koning!

¹⁷Mag u seuns hê om u geslag voort te sit dat u hulle kan aanstel as regeerders in die hele land!

¹⁸Mag deur my lied die roem van u naam oor geslagte strek, sodat volke u vir altyd sal prys.

Psalms 46

God is vir ons 'n toevlug

¹Vir die koorleier. Van die Koragiete. Op die wysie van “Jong Vroue”. 'n Lied.

²God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.

³Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see,

⁴al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. *Sela*

⁵Oor die strome van die rivier is daar blydschap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste.

⁶God is daar; die stad sal nie wankel nie. God sal hom help nog voor die môre kom.

⁷Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg.

⁸Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. *Sela*

⁹Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring:

¹⁰die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou, pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend, oorlogswaens verbrand Hy met vuur.

¹¹Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.

¹²Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. *Sela*

Psalms 47

God is bo almal verhewe

¹Vir die koorleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.

²Al julle volke, klap julle hande; juig tot eer van God met 'n jubelende stem,

³want aan die Here, die Allerhoogste, kom eerbied toe; Hy is die Groot Koning oor die hele aarde:

⁴Hy het volke aan ons onderwerp en nasies aan ons onderhorig gemaak;

⁵Hy het ons besitting vir ons uitgekies, die pragtige land van Jakob, wat Hy liefhet. *Sela*

⁶God gaan op na sy tempel toe onder gejubel, die Here gaan op terwyl die ramshorings blaas.

⁷Prys God, prys Hom met psalms, prys ons Koning, prys Hom met psalms!

⁸God is koning oor die hele aarde; sing vir Hom 'n lied.

⁹God is koning oor die nasies, God is op sy heilige troon.

¹⁰Die leiers uit elke volk sal hulle verenig met die volk van die God van Abraham. Die heersers van die aarde is onderworpe aan God, Hy is bo almal verhewe.

Psalms 48

Die stad van die Groot Koning

¹'n Lied. 'n Psalm van die Koragiete.

- ²Die Here is groot! Aan Hom kom al die lof toe hier in die stad van ons God, hier op sy heilige berg,
- ³mooi, hoog geleë, en 'n vreugde vir die hele aarde, Sionsberg teen die noorde, die stad van die Groot Koning.
- ⁴In hierdie goed versterkte stad het God Hom as beskermmer geopenbaar.
- ⁵Konings het bymekaargekom en as een mag opgetrek,
- ⁶maar skaars het hulle die stad gesien of hulle het bang geword en verskrik op die vlug geslaan.
- ⁷Angs het hulle daar beetgepak, vrees soos dié van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring,
- ⁸angs soos toe U met die oostewind die skepe van Tarsis verpletter het.
- ⁹Soos ons daarvan gehoor het, het ons dit self ervaar hier in die stad van die Here, die Almagtige, in die stad van ons God, die stad wat Hy vir altyd vas laat staan. *Sela*
- ¹⁰Hier in u tempel oordink ons u trou, o God.
- ¹¹Net soos u Naam, o God, so strek u lof oor die hele aarde. U mag het groot redding gebring.
- ¹²Sionsberg moet bly wees, die stede van Juda moet oor u reddingsdade juig!
- ¹³Gaan om Sion, trek reg rondom, tel sy torings,
- ¹⁴bewonder sy mure, bekijk sy versterkings, sodat julle dit aan 'n volgende geslag kan vertel!
- ¹⁵Dié God is ons God vir altyd; Hy sal ons altyd lei.

Psalms 49

Moet jou nie daarvoor kwel dat mense ryk word nie

- ¹Vir die koorleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.
- ²Luister hierna, al julle volke, gee aandag, julle almal wat die wêreld bewoon,
- ³elke mens, sonder uitsondering, ryk en arm!

- ⁴My mond gaan suiwer wysheid praat; wat ek gaan sê, sal van insig getuig,
⁵want ek hoor 'n woord wat my wysheid gee en terwyl ek op die lier speel, wil ek 'n geheimenis verklaar.
- ⁶Waarom sou ek my in moeilike tye kwel as ek bedreig word deur die onreg van bedrieërs,
⁷van mense wat net op hulle besittings vertrou en met hulle groot rykdom spog?
- ⁸Een mens kan tog nie 'n ander loskoop van die dood en aan God 'n losprys vir hom betaal nie?
- ⁹Die prys vir 'n mens se lewe is te hoog. Wat hy kan betaal, sal nooit genoeg wees
¹⁰dat hy vir altyd sal lewe en die dood nooit sal smaak nie.
- ¹¹Elkeen sien dit tog: wyse mense sterwe net soos dwase en sotte, en laat hulle besittings aan ander na.
- ¹²Die graf is vir altyd hulle tuiste; van geslag tot geslag is dit hulle woonplek, al het hulle eenmaal grond op hulle naam gehad.
- ¹³Met weelde en al leef die mens nie vir altyd nie; soos die diere, so kom die mens ook tot 'n einde.
- ¹⁴Dit is die lot ook van mense wat op hulleself vertrou, die uiteinde van dié wat ingenome is met hulleself. *Sela*
- ¹⁵Soos skape is hulle bestem om te sterwe; die dood is hulle wagter. Sonder meer daal hulle in die graf in; in die doderyk verdwyn alles waarop hulle vertrou het; vir hulle bestaan dit nie meer nie.
- ¹⁶Maar vir my sal God loskoop uit die mag van die dood; ek sal aan Hom behoort. *Sela*
- ¹⁷Moet jou nie daaroor kwel dat mense ryk word, dat hulle besittings baie word nie,

¹⁸want as hulle sterf, neem hulle niks saam nie; hulle besittings sal hulle nie volg nie.

¹⁹Al verlustig 'n mens hom in 'n voorspoedige lewe, en al prys die mense hom omdat dit met hom goed gaan,

²⁰soos sy voorvaders sal ook hy moet sterwe en hy sal die lig nooit weer sien nie.

²¹Die mens wat met weelde en al 'n dwaas bly, is soos 'n dier wat vergaan.

Psalms 50

Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red

¹'n Psalm van Asaf. Die Here is God, Hy alleen is God. Hy spreek, Hy roep die hele wêreld op, van waar die son opkom tot waar hy ondergaan.

²Uit Sion, stad van volmaakte prag, verskyn God in glans.

³Ons God kom, Hy bly nie stil nie. Voor Hom uit brand 'n vuur, rondom Hom woed 'n storm.

⁴Hy roep die hemel en die aarde op vir die saak teen sy volk:

⁵“Maak bymekaar dié wat aan My getrou is en met 'n offer 'n verbond met My gesluit het.”

⁶Die hemel getuig: “God is regverdig, en Hý is die regter.” *Sela*

⁷“Luister, my volk, Ek wil my saak stel, Ek wil teen jou getuig, Israel. Ek is God, Ek is jou God!

⁸Dit is nie omdat jy nie offer dat Ek rekenskap van jou eis nie; jou brandoffers is immers gedurig voor My.

⁹Ek wil geen jong bul uit jou stal hê of bokke uit jou krale nie,

¹⁰want al die diere in die bos is Myne, die wild op duisende berge.

¹¹Ek ken al die voëls van die berge; al wat roer op die veld, is Myne.

¹²Ek sou jou nie vra as Ek honger sou kry nie, want die aarde en alles wat daarop is, behoort aan My.

¹³Eet Ek miskien die vleis van die bulle wat julle offer, of drink Ek die bloed van bokke?

¹⁴Lof is die offer wat jy aan God moet bring. Betaal jou geloftes aan die Allerhoogste.

¹⁵Roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy sal My eer.”

¹⁶Maar vir die goddelose sê God: “Waarom sê jy my voorskrifte een vir een op en beroep jy jou op my verbond,

¹⁷jy wat 'n afkeer het van wat Ek jou leer en jou nie steur aan wat Ek sê nie?

¹⁸As jy 'n dief raakloop, breek jy saam met hom in, en as jy die kans kry, pleeg jy egbreuk.

¹⁹As jy jou mond oopmaak, praat jy kwaad; jou tong ryg bedrog aanmekaar.

²⁰Jy sit en praat teen jou broer, jou eie broer beswadder jy.

²¹“Moet Ek stilbly as jy sulke dinge doen? Dan sal jy dink Ek het soos jy geword! Nee, Ek eis rekenskap van jou, Ek kla jou aan!

²²Julle moet luister na hierdie waarskuwing, julle wat nie met God rekening hou nie, anders verskeur Ek julle sonder dat iemand kan red.

²³“Die mens wat My eer, is die een wat lof as 'n offer bring. Hy wat reg lewe, vir hom sal Ek red.”

Psalms 51

Neem tog my sonde weg!

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid, na aanleiding daarvan

²dat die profeet Natan na hom toe gekom het oor sy owerspel met Batseba.

³Wees my genadig, o God, in u troue liefde, wis my oortredings uit in u groot barmhartigheid!

⁴Was my skoon van my skuld, reinig my van my sonde!

⁵Ja, my oortredings ken ek en van my sonde bly ek altyd bewus.

⁶Teen U alleen het ek gesondig, ek het gedoen wat verkeerd is in u oë. U uitspraak is dus reg en u oordeel regverdig.

⁷Ek was al skuldig toe ek gebore is, met sonde belaaï toe my moeder swanger geword het.

⁸Maar U verwag opregtheid diep in 'n mens se hart: laat ek dan diep in my binneste weet hoe U wil dat ek moet lewe.

⁹Neem tog my sonde weg dat ek rein kan wees, was my dat ek witter as sneeu kan wees.

¹⁰Laat my weer blydschap en vreugde belewe. U het my verbrysel; laat my weer jubel.

¹¹Moet tog nie ag slaan op my sondes nie, wis al my skuld uit!

¹²Skep vir my 'n rein hart, o God, vernuwe my gees en maak my standvastig.

¹³Moet my tog nie van U af wegdryf en u Heilige Gees van my af wegneem nie!

¹⁴Laat my weer die blydschap ervaar van iemand wat deur U verlos is, laat my U weer met toewyding dien.

¹⁵Dan sal ek oortreders leer wat U van 'n mens verwag; dat die sondaars hulle tot U sal bekeer.

¹⁶Red my van ondergang, o God, my Redder, dat ek kan jubel oor u verlossingsdaad.

¹⁷Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.

¹⁸'n Offer vra U nie, anders sou ek dit bring; 'n brandoffer wil U nie hê nie.

¹⁹Die offer wat U wil hê, o God, is verootmoediging: U sal 'n hart vol ootmoed en berou nie gering ag nie, o God.

²⁰Laat Sion u liefde en u goedheid ondervind: herbou tog die mure van Jerusalem.

²¹Dan sal die offers wat voorgeskryf is, weer vir U aanneemlik wees: offerdiere wat heeltemal verbrand word. Dan sal hulle weer bulle op u altare offer.

Psalms 52

God is goed

- ¹Vir die koorleier. 'n Gedig van Dawid,
- ²na aanleiding daarvan dat die Edomiet Doëg gekom en aan Saul vertel het: Dawid was in die huis van Agimelek.
- ³Jy wat jou groot hou, jy spog verniet oor jou slegte dade! Onthou, God sorg altyd vir my.
- ⁴Jy wil ander se ondergang bewerk, met jou vlymskerp tong pleeg jy bedrog.
- ⁵Jy het die kwaad lief as die goeie, en die leuen lief as die waarheid. *Sela*
- ⁶Jy saai graag verwarring met jou leuens!
- ⁷Maar God sal jou vir altyd vernietig. Hy sal jou uitruk en wegsleep uit jou woonplek, Hy sal jou wegruk uit die land van die lewendes. *Sela*
- ⁸As die regverdiges dit sien, sal hulle met ontsag vervul word en smalend van jou sê:
- ⁹“Dis nou die man wat nie op God se krag wou steun nie, maar op sy eie rykdom vertrou het en hom sterk wou maak deur inhaligheid.”
- ¹⁰Maar ek staan sterk soos 'n welige olyfboom; ek is in die huis van God en ek steun altyd daarop dat Hy vir my sorg.
- ¹¹Ek sal U altyd loof vir wat U gedoen het. Voor u dienaars sal ek u Naam prys, want U is goed.

Psalms 53

Daar is nie een wat goed doen nie

(Vgl. Ps. 14)

- ¹Vir die koorleier: met fluitspel. 'n Gedig van Dawid.
- ²Die dwaas dink daar is geen God nie. Dwase mense vernietig alles; wat hulle doen, is 'n gruwel vir God. Daar is nie een wat goed doen nie.
- ³Van die hemel af kyk God die mense deur om te sien of daar één verstandige is, één wat na die wil van God vra.

⁴Almal het afgedwaal, die laaste een het ontaard, daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie één nie.

⁵Julle wat onreg pleeg, wat my volk opeet asof julle brood eet, en wat weier om God te dien — weet julle dan nie

⁶dat daar iets vreesliks met julle gaan gebeur, so vreeslik soos nooit tevore nie? God sal die bene van dié wat teen sy volk wil veg, op die slagveld verstrooi. Sy volk sal hulle op die vlug laat slaan, want God het hulle verwerp.

⁷Ag, mag daar tog uit Sion vir Israel redding kom! Wanneer God die lot van sy volk verander, sal Jakob juig, sal Israel bly wees.

Psalms 54

Die Here hou my lewe in stand

¹Vir die koorleier: met snarespel. 'n Gedig van Dawid,

²na aanleiding daarvan dat die Siffiete gekom en vir Saul gesê het: Dawid kruip by ons weg.

³Red my deur u mag, o God, laat aan my reg geskied deur u krag.

⁴Hoor my gebed, o God, luister na my woorde,

⁵want vyande staan teen my op, geweldenaars soek my lewe, hulle hou geen rekening met God nie. *Sela*

⁶Maar vir my help God altyd, die Here hou my lewe in stand.

⁷Laat die onheil wat my teëstanders beplan, op hulleself neerkom. U is getrou: vernietig hulle.

⁸Dan sal ek offers aan U bring, selfs meer as wat U vra, ek sal u Naam loof, Here, want U is goed,

⁹U het my uit elke benoudheid gered en my oor my vyande laat triomfeer.

Psalms 55

Laat jou sorge aan die Here oor

¹Vir die koorleier: met snarespel. 'n Gedig van Dawid.

- ²Hoor my gebed, o God, moet tog nie onverskillig staan teenoor my smeking nie.
- ³Luister na my gebed en antwoord my: my sorge gee my geen rus nie. Ek is hewig ontsteld
- ⁴oor die dreigemente van my vyande en oor die druk van slegte mense op my. Hulle wil my met onreg breek; verwoed stook hulle vyandskap teen my.
- ⁵My hart krimp inmekaar in my, doodsang s oorval my,
- ⁶vrees en skrik oorweldig my, my hele liggaam bewe.
- ⁷Ek het gedink: ag, as ek maar vlerke soos 'n duif gehad het, sou ek wegvlieg en 'n woonplek soek;
- ⁸ek sou ver wegvlieg en in die woestyn gaan bly; *Sela*
- ⁹ek sou haastig probeer wegkom van hierdie onstuimige wind, van hierdie storm af.
- ¹⁰Dryf hulle uitmekaar, Here, maak hulle taal onverstaanbaar vir mekaar. Ek sien geweld en oproer in die stad;
- ¹¹dag en nag maal hulle rond op sy mure; daarbinne is onreg en onheil.
- ¹²Daar heers wanorde in die stad, op sy pleine is daar net verdrukking en bedrog.
- ¹³As dit nog my vyand was wat my smaad aangedoen het, sou ek dit kon verdra; as dit 'n teëstander was wat my wou verneder, sou ek hom kon probeer vermy.
- ¹⁴Maar nou is dit jy, 'n man soos ek, my maat en my goeie vriend.
- ¹⁵Ons was so nou aan mekaar verbonde; opgewonde het ons saam na die huis van God toe gegaan.
- ¹⁶Mag die dood my vyande oorval! Mag hulle onverwags neerdaal na die doderyk, want in hulle huise en harte heers daar boosheid.
- ¹⁷Maar ek roep na God, na die Here wat my sal red.

¹⁸In die aand, in die môre en in die middag, heeldag kla en sug ek, en Hy hoor my roep.

¹⁹Hy sal my lewe red en my die oorwinning gee, al is daar so baie teen wie ek moet veg.

²⁰God, wat van ewigheid af regeer, sal hoor en hulle verneder omdat hulle hulle nie bekeer nie en Hom nie dien nie.

²¹My vyand het skaars 'n ooreenkoms gesluit of hy verbreek sy beloftes van trou.

²²Sy tong is gladder as botter, maar daar is oorlog in sy hart; sy woorde is so strelend soos olie, maar hulle is swaarde wat reg is om te steek.

²³Laat jou sorge aan die Here oor, Hy sal vir jou sorg. Hy sal die regverdige nie in die steek laat nie.

²⁴Maar daardie mense, o God, U sal hulle in die graf in laat neerdaal. Sulke moordenaars en bedrieërs sal in die fleur van hulle lewe sterf. Maar ek, op U vertrou ek.

Psalms 56

In God stel ek my vertrou

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Die duif in die hoë bome”. Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding daarvan dat die Filistyne hom in Gat gevange geneem het.

²Wees my genadig, o God, want daar is mense wat my jaag, vyande wat my vervolg van die môre tot die aand.

³Vroeg en laat jaag my teëstanders my, en ek het baie vyande, o Allerhoogste.

⁴Die dag as ek bang word, vertrou ek net op U.

⁵In God, wie se woord ek prys, in God stel ek my vertrou, ek is nie bang nie. Wat kan 'n blote mens aan my doen?

⁶Hulle vergal my lewe gedurig met beskuldigings teen my, al hulle bose planne is teen my gerig.

⁷Hulle lê op die loer en hou my dop, hulle bly op my hakke, so gretig wag hulle op my dood.

⁸Moenie dat hulle ongestraf bly vir hierdie vyandigheid nie! Laat u toorn hulle vernietig, o God!

⁹My ellende het nie ongemerk by U verbygegaan nie, U het op my trane gelet. In u boek staan hulle opgeteken.

¹⁰Die dag wanneer ek na U roep om hulp, val my vyande terug. Dít weet ek: God is aan my kant.

¹¹In God, wie se woord ek prys, in die Here, wie se woord ek prys,

¹²in God stel ek my vertrouwe, ek is nie bang nie. Wat kan 'n mens aan my doen?

¹³Ek moet my geloftes aan U nakom, o God, ek wil U met dankoffers betaal,

¹⁴want U het my van die dood gered, my voet nie laat struikel nie, en met God by my kon ek my pad aanhou loop en die lewenslig bly sien.

Psalms 57

Toon u grootheid, o God

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Moet dit nie verwoes nie!” Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding daarvan dat hy vir Saul in die grot in gevlug het.

²Wees my genadig, o God! Wees my genadig, want by U soek ek skuiling. Onder u vleuels sal ek skuil tot die bedreiging verby is.

³Ek roep na God, die Allerhoogste, na God wat my sal help.

⁴Hy sal uit die hemel antwoord en my red, Hy sal dié wat my jaag, die stryd laat verloor. *Sela* God sal antwoord in sy liefde en trou.

⁵Ek is hier tussen leeus, tussen mense wat my wil verskeur. Hulle tande is spiese en pyle, hulle tonge is skerp swaarde.

⁶Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, u mag hoog bo die aarde.

⁷Hulle het 'n strik vir my voete gespan, hulle wou my breek, hulle het 'n gat vir my gegrawe, maar self daarin geval. *Sela*

⁸Ek voel weer veilig, o God! Ek voel weer veilig! Ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing.

⁹Ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!

¹⁰Onder die volke wil ek U loof, Here, onder die nasies u lof besing,

¹¹want u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke!

¹²Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, hoog bo die aarde u mag.

Psalms 58

Daar is tog 'n God wat reg laat geskied

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Moet dit nie verwoes nie!” Van Dawid. 'n Gedig.

²Julle wat mag besit, is julle uitsprake werklik regverdig? Is julle beslissings in die sake tussen mense billik?

³Nee, julle optrede in die land is die ene korrupsie, met geweld gaan julle deur die lewe.

⁴Slegte mense loop van hulle geboorte af 'n verkeerde pad, vandat hulle in die wêreld gekom het, dwaal hierdie bedrieërs af.

⁵Hulle is soos giftige slange, soos adders wat hulle doof hou,

⁶wat hulle nie steur aan die stem van die slangbesweerder nie, hoe vernuftig hy ook mag wees.

⁷Ruk hulle tande uit hulle mond uit, o God! Slaan dié leeus se slagande uit, Here!

⁸Laat hulle verdwyn soos water wat wegsyfer, laat hulle fyngetrap word soos droë gras.

⁹Laat hulle wegraak soos slakke wat net slym agterlaat, laat hulle word soos misgeboortes, sonder lewe.

¹⁰Laat hulle, voor hulle dit weet, uitgeroei wees soos onkruid, laat 'n gloeiende wind hulle wegwaai in die fleur van hulle lewe.

¹¹Die regverdige sal bly wees as hy sien daar is vergelding, as die bloed van die goddeloses oor sy voete loop.

¹²Die mense sal sê: Daar is tóg 'n beloning vir die regverdige, daar is tóg 'n God wat reg op die aarde laat geskied!

Psalms 59

God is my veilige vesting

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Moet dit nie verwoes nie!” Van Dawid. 'n Gedig, na aanleiding daarvan dat hulle, in opdrag van Saul, Dawid se huis omsingel het om hom dood te maak.

²Red my van my vyande, my God, beskerm my teen my teëstanders,

³red my van die mense wat onreg doen, bevry my van hierdie moordenaars!

⁴Die geweldenaars lê my voor om my dood te maak, hulle wil my aanval. Maar ek het nie gesondig nie, ek het nie oortree nie, Here!

⁵Ek is onskuldig en tog bestorm hulle my en val hulle my aan. Kom help my tog! Kyk wat doen hulle!

⁶U is die Here God, die Almagtige, die God van Israel! Gryp tog in en straf al hierdie vyandige nasies! Moenie genade betoon aan sulke lae verraaiers nie. *Sela*

⁷Hulle kom altyd in die aand terug, hulle grom soos honde en loop in die stad rond.

⁸Die skuim staan om hulle bekke, en hulle wys hulle tande, want hulle dink niemand hoor hulle nie.

⁹Maar U, Here, U lag hulle uit, U spot met al die nasies!

¹⁰Ek wil my hoop op U gevestig hou, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting!

¹¹My God sal my te hulp kom in sy trou, God sal my laat neersien op my teëstanders.

¹²Moet hulle nie nou al doodmaak nie, sodat hulle straf nie ongemerk aan my volk verbygaan nie. Breek hulle stadig af deur u mag en laat hulle ondergaan, Here, ons Beskermer,

¹³oor hulle woorde, die sonde uit hulle mond. Laat hulle gevang word deur hulle hoogmoed, deur die vervloekings wat hulle uitspreek, en die leuens wat hulle praat.

¹⁴Vernietig hulle in u toorn, wis hulle heeltemal uit. Dan sal almal weet dat God oor sy volk Jakob en oor die hele aarde regeer. *Sela*

¹⁵Hulle kom altyd in die aand terug, hulle grom soos honde en loop in die stad rond.

¹⁶Hulle dwaal rond agter prooi aan en as hulle nie genoeg kry nie, tjank hulle.

¹⁷Maar ék sal sing van u mag, elke môre sal ek jubel oor u trou, want U is vir my 'n veilige vesting, 'n skuilplek in tyd van nood.

¹⁸Tot u eer wil ek sing, U, my Sterkte, want U is my veilige vesting, U is my troue God.

Psalms 60

Help ons tog teen die vyand

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Die lelie”. 'n Getuienis. 'n Gedig van Dawid, vir onderwys bedoel,

²na aanleiding van sy geveg teen die Arameërs van Mesopotamië en die Arameërs van Soba toe Joab twaalf duisend Edomiete in die Soutvlakte verslaan het.

³U het ons verstoot, o God, ons uitmekaar geskeur. U was kwaad vir ons. Laat dit tog weer met ons goed gaan.

⁴U het die land laat bewe en dit oopgekleef. Genees tog die wonde, want ons gaan tot niet.

⁵U het 'n ramp oor u volk gebring, U het ons wyn laat drink wat ons laat steier het.

⁶Trek tog u dienaars saam onder u vaandel dat hulle veilig kan wees teen die boog van die vyand. *Sela*

⁷Red ons deur u groot mag, en help ons, sodat hulle vir wie U liefhet, gered kan word.

⁸God het in sy heilige woning gesê: “As oorwinnaar sal Ek Sigem verdeel en die Sukkotlaagte uitdeel!

⁹Aan My behoort Gilead, aan My behoort Manasse! Efraim is my vernaamste vesting, Juda my koninklike gebied.

¹⁰Moab is tot my beskikking, Edom neem Ek in besit, oor Filistea juig Ek as oorwinnaar.”

¹¹Wie sal ons na Edom toe lei, ons bring na sy versterkte stad?

¹²U het ons verstoot, o God, U trek nie saam met ons leërs uit nie, o God!

¹³Help U ons tog teen die vyand, want die hulp van mense — dit is niks.

¹⁴Met God aan ons kant sal ons oorwin, Hy self sal ons vyande vertrap.

Psalms 61

U is vir my 'n toevlug

¹Vir die koorleier: met snarespel. Van Dawid.

²Hoor tog my hulpgeroep, o God, slaan tog ag op my gebed.

³Ver uit die vreemde uit, in wanhoop, roep ek na U. Bring my op 'n rots waar ek veilig sal wees.

⁴U is vir my 'n toevlug, 'n sterk vesting buite bereik van die vyand.

⁵Laat my by U 'n blywende tuiste vind. Laat my skuil onder u vleuels. *Sela*

⁶U, o God, hoor my geloftes, U vervul die wens van hulle wat u Naam eer.

⁷Laat die koning lank lewe, laat sy lewensjare oor geslagte strek.

⁸Mag hy sy lewe lank regeer voor God, mag u liefde en trou hom bewaar!

⁹Dan sal ek u Naam altyd besing en dag na dag my geloftes betaal.

Psalms 62

Net by God vind ek rus

¹Vir die koorleier. 'n Belydenis. 'n Psalm van Dawid.

²Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding.

³Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek vas en stewig staan.

⁴Hoe lank wil julle almal nog beskuldigings bly slinger en my probeer doodmaak, 'n man wat reeds is soos 'n muur wat wil omval, 'n klipmuur wat omgestoot word?

⁵Hulle probeer my uitwerk; hulle skep behae in leuens; met die mond seën hulle, in die hart vervloek hulle. *Sela*

⁶Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek.

⁷Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan.

⁸God is my redding en my krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug.

⁹Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons 'n toevlug. *Sela*

¹⁰Mense is verganklik, mense is niks: op 'n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks.

¹¹Moenie op geweld vertrou nie; roof sal jou niks in die sak bring nie. As jou rykdom toeneem, moenie dat dit jou te na aan die hart lê nie.

¹²Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het

¹³en 'n mens net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel volgens sy verdienste.

Psalms 63

Ek bly altyd naby U

¹'n Psalm van Dawid, na aanleiding van sy verblyf in die Judawoestyn.

²Ek soek U, o God, my God, ek dors na U; ek smag na U soos in 'n dor en droë land, 'n land sonder water.

³Ek wil by U in die heiligdom wees om daar u mag en grootheid te ondervind.

⁴U troue liefde is meer werd as die lewe; daarom sal ek U prys.

⁵Ek sal U my lewe lank loof, my hande ophef om u Naam te prys.

⁶Soos elke keer wanneer ek u goeie gawes geniet, sal ek U altyd roem met jubelende mond.

⁷As ek aan U dink op my bed, oor U peins in die nag, dan weet ek:

⁸U is vir my 'n hulp, en dan juig ek oor die beskerming onder u vleuels.

⁹Ek bly altyd naby U, u hand ondersteun my.

¹⁰Maar hierdie mense wat my ondergang soek, mag hulle wegsink in die dieptes van die aarde!

¹¹Mag hulle aan die swaard oorgegee word en aas vir die jakkalse word!

¹²Laat die koning hom in God verbly, laat elkeen wat hom op God verlaat, Hom prys. Die mond van die vals mens word toegestop.

Psalms 64

Die regverdige verbly hom in die Here

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Hoor my as ek kla, o God, beskerm my lewe teen die bedreiging van die vyand!

³Bewaar my van die komplotte van kwaadwilliges, van die kwaadstokery van mense wat onreg doen,

⁴wat met skerp tonge vir swaarde en giftige woorde vir pyle

⁵uit hinderlae lostrek op 'n onskuldige mens. Uit die bloute trek hulle selfversekerd op hom los.

⁶Hulle smee bouse planne en kom ooreen om strikke te stel. Hulle dink niemand sien hulle nie.

⁷Hulle beplan skelmstukke en sê: “Ons het 'n volmaakte komplot gesmee, want wat binne in 'n mens is, wat hy uitgedink het, is 'n geheim.”

⁸Dan tref God hulle met 'n pyl, en meteens is hulle daarmee heen:

⁹hulle eie tonge het hulle tot 'n val gebring! Elkeen wat dit sien, knik met voldoening die kop.

¹⁰Met groot ontsag getuig almal dan van die daade van God omdat hulle insig gekry het in wat Hy doen.

¹¹Laat die regverdige hom in die Here verbly en sy toevlug by Hom soek, laat al die opregtes Hom prys.

Psalms 65

U laat die mense juig

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. 'n Lied.

²Aan U, o God, kom 'n lofsang toe in Sion: geloftes moet betaal word

³aan U wat die gebed verhoor. Na U toe sal alle mense kom

⁴om hulle skuld te bely. Ons sondes het ons ingehaal, maar U maak ons daarvan vry.

⁵Dit gaan goed met die mens vir wie U uitkies en laat naderkom om in u tempel te bly. Laat ons die goeie dinge in u huis in oorvloed geniet, die goeie dinge in u heilige woning.

⁶In u trou antwoord U ons met kragtige daade, o God, ons Verlosser, op wie ook die mense in afgeleë lande en op verre seë vertrou.

⁷U is met mag omgewe, U laat deur u krag die berge vas bly staan;

⁸U laat die gedruis van die see, die geraas van die golwe, die rumoer van die nasies bedaar,

⁹sodat ook die mense in afgeleë lande ontsag kry vir die tekens van u mag; in die ooste en in die weste laat U die mense juig.

¹⁰U sorg vir die land en gee oorstroom, U maak dit baie vrugbaar. Die groot riviere is vol water, U laat die koring welig staan. Alles is u werk!

¹¹U maak die ploegvure vol water en die kluit nat, U laat hulle sag word van die reëns, U laat alles welig groei.

¹²U kroon die jaar met u goeie gawes. Waar U ook gaan, is daar oorstroom!

¹³Daar is volop weiding in die woestyn; die bulle juig,

¹⁴die velde wemel van die kleinvee, die vlaktes staan vol koring; hulle juig en hulle sing.

Psalms 66

Hoe ontsagwekkend is u werk!

¹Vir die koorleier. 'n Lied. 'n Psalm. Juig tot eer van God, almal op aarde!

²Sing tot roem van sy Naam, gee Hom die eer wat Hom toekom!

³Bely voor God: Hoe ontsagwekkend is u werk! U mag is groot, u vyande kruip voor U.

⁴Alle mense moet voor U buig, hulle moet sing tot u eer, hulle moet sing tot eer van u Naam. *Sela*

⁵Kom hoor wat God gedoen het, kom hoor van sy magtige daade onder die mense:

⁶Hy het die see in droë land verander; sy volk het droogvoets deur die rivier getrek. Toe het ons gejubel oor Hom

⁷wat ewig heers deur sy mag en die nasies in die oog hou. Die vyande moet hulle nie teen God verset nie! *Sela*

⁸Prys ons God, alle volke, laat sy lof weerklink!

⁹Dit is Hy wat ons die lewe gee en nie toelaat dat ons struikel nie!

¹⁰U het ons beproef, o God, ons gelouter soos silwer;

¹¹U het ons in 'n net gevang, 'n swaar las op ons gelê;

¹²U het ons deur mense laat vertrap, ons het deur vuur en water gegaan; maar toe het U ons uitgelei na oorvloed toe.

¹³Ek sal u huis betree met brandoffers en aan U die geloftes betaal

¹⁴wat ek gedoen het, wat ek afgelê het toe ek in nood was.

¹⁵Ek bring vir U vet skape as brandoffers, ramme as wierookoffers, ek offer beeste en bokke. *Sela*

¹⁶Kom luister, alle dienaars van God, ek wil vertel wat Hy vir my gedoen het:

¹⁷Skaars het ek na Hom geroep, of daar was reeds 'n loflied op my lippe.

¹⁸As daar sonde in my hart was, sou die Here nie geluister het nie.

¹⁹Maar God hét geluister, Hy hét my gebed verhoor!

²⁰Die lof kom God toe wat my gebed nie afgewys en sy trou nie van my weerhou het nie.

Psalms 67

Mag die volke U loof, o God!

¹Vir die koorleier: met snarespel. 'n Psalm. 'n Lied.

²Mag God ons genadig wees en ons seën, mag Hy tot ons redding verskyn, *Sela*

³sodat sy daade oor die wêreld heen bekend mag word, sy reddende krag onder alle nasies.

⁴Mag die volke U loof, o God, mag al die volke U loof!

⁵Mag die nasies bly wees en jubel omdat U hulle regverdig regeer en hulle op die aarde lei. *Sela*

⁶Mag die volke U loof, o God, mag al die volke U loof!

⁷Die land het sy oes gelew. God, ons God, het ons geseën.

⁸God het ons geseën. Die mense op die hele aarde moet Hom eer.

Psalms 68

Geloof sy God

¹Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. 'n Lied.

²As God verskyn, spat sy vyande uitmekaar, en dié wat Hom haat, vlug vir Hom.

³Soos rook wegwaai, so dryf U hulle weg; soos was in vuur smelt, so gaan die goddeloses tot niet as God verskyn.

⁴Maar vir die regverdiges sal daar blydschap wees, hulle sal juig voor God, hulle sal vrolik en bly wees.

⁵Sing 'n lied tot eer van God, sing tot eer van sy Naam, maak 'n pad vir Hom wat op die wolke ry, en jubel voor Hom wie se Naam Here is.

⁶'n Vader vir weeskinders en 'n beskermmer van die reg van weduwees is God in sy heilige woning.

⁷God laat eensames in 'n huisgesin woon en lei gevangenes uit na vryheid, maar wie teen God in opstand is, woon in 'n kaal woestyn.

⁸Toe U u volk uitgelei het, o God, toe U deur die woestyn gestap het, *Sela*

⁹het die aarde gebewe en het die hemel dit laat reën voor U uit, daar by Sinai, voor God, die God van Israel.

¹⁰U het oorvloedige reëns laat uitsak, o God, U het u verdorde land weer lewe gegee.

¹¹U eie volk het daar gaan woon. In u goedheid, o God, het U dit vir u hulpelose volk bestem.

¹²Die Here het bekend gemaak: “Daar is goeie nuus: ‘n groot leër,

¹³⁻¹⁴magtige konings, het gevlug, hulle het gevlug.” Terwyl die manskappe nog tussen die saalsakke gelê en rus het, was die vroue tuis al besig om die buit te verdeel: beeldjies van duiwe waarvan die vlerke oorgetrek is met silwer en die vlerkpunte met glinsterende goud.

¹⁵Dit het gesneeu op Salmonsberg toe die Almagtige die konings daar uitmekaargejaag het.

- ¹⁶Basansberg, ontsaglike berg, Basansberg, berg met hoë kruine,
¹⁷waarom, berg met jou hoë kruine, kyk jy met afguns na die berg wat God as sy woning verkies het, waar die Here vir ewig woon?
- ¹⁸Die skitterende strydwaens van God was duisende, duisende der duisende, toe die Here van Sinai af die heiligdom betree het.
- ¹⁹U het krygsgevangenes weggevoer, mense het vir U geskenke gebring, selfs dié wat teen U in opstand was. Toe het U opgegaan na die hoogte om daar te woon, Here God!
- ²⁰Geloof sy die Here! Dag na dag dra Hy ons! God is ons hulp! *Sela*
- ²¹God is vir ons die God wat ons red, die Here ons God deur wie ons bewaar word in doodsgevaar.
- ²²God verpletter die kop van sy vyande, die kop van dié wat in hulle sonde volhard.
- ²³Die Here het gesê: “Uit Basan bring Ek my vyande, Ek bring hulle uit die dieptes van die see.
- ²⁴Julle sal hulle bloed van julle voete afwas, die honde sal die bloed van julle vyande oplek.”
- ²⁵Die mense sien u feesoptog, o God, die feesoptog van my God, my Koning, na sy heiligdom:
- ²⁶vooraan die sangers, agteraan dié wat snaarinstrumente speel, en tussenin, meisies wat tamboeryne slaan.
- ²⁷Hulle loof God in kore, die nasate van Israel loof die Here.
- ²⁸Dáár is Benjamin, die jongste, hulle aanvoerder, dáár is die baie leiers van Juda, dié van Sebulon, dié van Naftali!
- ²⁹Toon die mag, o God, waarmee U ons gered het, toon u mag, o God,
- ³⁰hier uit u tempel in Jerusalem waar konings aan U geskenke bring.

³¹Tree op teen Egipte, daardie ondier tussen die riete, die magtige volk, die sterkste onder die volke, wat ander vertrap vir geld, wat volke uitmekaarjaag en hou van oorlog maak.

³²Uit daardie selfde Egipte sal geskenke kom, en die Kussiete sal hulle hande smekend na God toe uitsteek.

³³Koninkryke van die aarde, hef 'n lied aan tot eer van God, sing tot eer van die Here, *Sela*

³⁴tot eer van Hom wat ry deur die hemele, die hemele wat van die begin af daar is! Hy laat sy stem, sy magtige stem, weerklink!

³⁵Erken dat God magtig is! Hy heers oor Israel, Hy het mag oor die wolke!

³⁶God wek ontsag wanneer Hy uit sy heiligdom kom. Hy is die God van Israel, Hy gee krag en sterkte aan sy volk. Aan God kom die lof toe.

Psalms 69

U hulp staan vas

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Lelies”. Van Dawid.

²Red my, o God, want die water het tot by my keel gekom.

³Ek het weggesak in diep modder waarin ek nie kan staan nie. Ek het in diep waters beland waarin die stroom my meegesleur het.

⁴Ek het my moeg geroep om hulp, my keel is hees geroep, selfs my oë het ingegee soos ek vir my God gewag het.

⁵Dié wat my sonder rede haat, is meer as die hare op my kop. Dié wat my vir altyd wil stilmaak, is sterk. My vyande dwing my met vals beskuldigings om af te gee wat ek nie geroof het nie.

⁶U weet hoe sondig ek is, o God, my verkeerde dade kan ek tog nie vir U wegsteek nie.

⁷Here, almagtige God, moenie dat dié wat op U vertrou, deur my toedoen teleurgestel word nie. God van Israel, moenie dat dié wat by U hulp soek, deur my toedoen beskaam word nie.

- ⁸Omdat ek op U vertrou, word ek beledig en verkleineer.
- ⁹Ek het vreemd geword vir my broers, my familie wil my nie meer ken nie.
- ¹⁰Omdat ek u huis liefhet, moet ek ly; die beledigings teen U het ook vir my getref.
- ¹¹Ek het gevas en gehuil en daarvoor net beledigings gekry.
- ¹²Ek het rouklere aangetrek, maar hulle het met my gespot.
- ¹³Die leeglêers in die stadspoort maak praatjies oor my, en dronklappe maak liedjies oor my.
- ¹⁴My gebed is tot U gerig, Here, antwoord my tog gou, Here, antwoord my in u groot liefde, o God; u hulp staan vas.
- ¹⁵Red my uit die modder, dat ek nie wegsak nie, laat my wegkom van my vyande af, weg uit die diep waters.
- ¹⁶Moenie dat die stroom my meesleur en die diep water my insluk nie, en moenie dat hierdie put toegaan bokant my nie.
- ¹⁷Antwoord my, Here, in u wonderlike liefde, verhoor my in u groot barmhartigheid!
- ¹⁸Moet tog nie u dienaar alleen laat nie! Ek is in groot gevaar, antwoord my tog gou!
- ¹⁹Kom red my lewe, bevry my van my vyande.
- ²⁰U weet hoe ek beledig en verkleineer is, hoe sleg ek daarvan afgekom het voor al my vyande.
- ²¹Beledigings het my gebreek, ek is gedaan. Ek het gehoop op meegevoel, maar tevergeefs, op mense om my te troos, maar daar was nie een nie.
- ²²Toe ek honger was, het hulle my gif aangebied, toe ek dors was, wou hulle my asyn laat drink.
- ²³Laat hulle feeste hulle tot 'n val bring en hulle offermaaltye hulle ondergang wees.

- ²⁴Laat hulle stokblind word, laat hulle gebreklik word.
- ²⁵Laat u straf hulle tref en die vlam van u toorn hulle oorval.
- ²⁶Laat hulle blyplekke verwoes word sodat daar niemand oor is in hulle wonings nie,
- ²⁷want hulle vervolg hom wat swaar deur U getref is en verlustig hulle in die pyn van hom wat deur U deurboor is.
- ²⁸Reken ook dít by hulle skuld sodat hulle nie vrygespreek word nie!
- ²⁹Skrap hulle name uit die boek van die lewe dat dit nie saam met dié van die regverdiges opgeskryf staan nie!
- ³⁰Ek is 'n hulpelose mens, vol pyn, maar U, o God, sal my red en my beskerm.
- ³¹Dan sal ek die Naam van God besing, Hom met 'n danklied prys.
- ³²So 'n offer is vir die Here verkiesliker as selfs 'n volmaakte offerdier.
- ³³Die verdruktes sal my lied hoor en bly wees, dié wat by God hulp soek, sal moed skep,
- ³⁴want die Here slaan ag op die armes, Hy vergeet nie sy mense wat gevangenes is nie.
- ³⁵Laat hemel en aarde Hom prys, die see met alles wat daarin wemel.
- ³⁶God sal Sion red en die stede van Juda herbou. Sy volk sal daarin woon en die land besit.
- ³⁷Die nasate van God se dienaars sal dit erf en dié wat sy Naam liefhet, sal daarin woon.

Psalms 70

U is my hulp en my redder

- ¹Vir die koorleier. Van Dawid. Ter herinnering.
- ²Red my tog, o God, Here, kom my tog gou te hulp!

³Laat dié wat my lewe wil neem, self in die ellende beland, teleurgestel in hulle verwagting. Laat dié wat graag my ondergang wil sien, op die vlug slaan en beskaamd staan.

⁴Laat dié wat my spot, padgee omdat hulle self in die ellende beland het.

⁵Laat almal wat by U hulp soek, jubel en bly wees oor U, laat dié wat op u hulp staat maak, altyddeur sê: God is groot!

⁶Ek is hulpeloos en arm; kom tog gou na my toe, o God. U is my hulp en my redder, Here, moet tog nie talm nie!

Psalms 71

Nou dat ek oud geword het

¹By U, Here, skuil ek, laat my tog nooit teleurgestel staan nie!

²Red my en bevry my, want U is getrou. Luister tog na my en help my!

³Wees vir my 'n rots om na toe te vlug, waar ek altyd die veiligheid mag vind wat U tot my redding beskik het, want U is my rots en my vesting.

⁴My God, bevry my uit die hand van goddeloses, uit die greep van skurke en verdrukke,

⁵want U, Here, U is my hoop, op U, Here, het ek van jongs af vertrou.

⁶U is my hulp van my geboorte af, reeds voor ek in die wêreld gekom het, het U my beskerm. U loof ek gedurigdeur.

⁷Ek is vir baie 'n wonder, want U is my veilige toevlug.

⁸Ek besing u lof en u roem gedurigdeur.

⁹Moet my tog nie verwerp nou dat ek oud geword het nie, moet my tog nie alleen laat nou dat my kragte ingegee het nie.

¹⁰My vyande sweer saam teen my, dié wat my lewe soek, smee 'n komplot teen my.

¹¹Hulle sê: “God het hom alleen gelaat! Agtervolg hom en gryp hom, want daar is niemand om hom te red nie! ”

¹²Moet tog nie ver van my af bly nie, o God, kom my tog gou te hulp, my God!

¹³Laat dié wat my vals beskuldig, self in die ellende beland en vernietig word. Laat oor dié wat my ondergang seek, net skande en mislukking kom.

¹⁴Ek, ek sal gedurigdeur bly hoop, ek sal U altyd weer loof.

¹⁵Sonder ophou sal ek van u verlossingswerk, van u reddingsdade bly praat, want hulle is meer as wat ek kan tel.

¹⁶Ek kom om u magtige dade te prys, Here my God, die verlossingswerk wat net U kan doen.

¹⁷U het my van jongs af onderrig, o God, en ek getuig nou nog van u kragtige dade.

¹⁸Nou dat ek oud en grys geword het, moet U my tog nie alleen laat nie, o God, dat ek nog aan die geslagte wat kom, kan vertel van u werk en u mag.

¹⁹U verlossingswerk, o God, is oneindig groot; groot is die dinge wat U gedoen het! Wie is soos U, o God?

²⁰U het talle benoude ervarings oor my gebring, maar elke keer weer my lewe gered, my elke keer weer weggeruk uit die mag van die dood.

²¹Herstel my tog in my eer, gee tog uitkoms!

²²Dan sal ek U met die harp loof vir u getrouheid, my God, saam met die lier sal ek sing tot u eer, Heilige van Israel.

²³Ek sal jubel as ek tot u eer sing, omdat U my gered het.

²⁴Ek sal die hele dag deur praat van u verlossingswerk, want dié wat my ondergang seek, staan teleurgestel in hulle verwagting; hulle beland self in die ellende.

Psalms 72

Mag die koning lank lewe

¹Van Salomo. Leer tog die koning, o God, om te regeer volgens u wil, leer die koning om die reg te handhaaf soos U dit wil,

- ²sodat hy regverdige beslissings oor u volk sal vel en aan die verdruktes reg laat geskied.
- ³Laat berge en rante hulle verbly oor die vrede en reg vir die volk.
- ⁴Laat die koning die reg van die verdruktes onder die volk beskerm, laat hy armes te hulp kom en verdrukkers verbrysel,
- ⁵sodat die mense U kan dien so lank as die son en die maan daar is, van geslag tot geslag.
- ⁶Mag die koning vir sy mense wees soos die reën vir die plante, soos swaar reëns wat die aarde deurdrenk.
- ⁷Mag die reg onder sy regering floreer en mag daar vir altyd groot voorspoed wees.
- ⁸Mag hy heers van see tot see, van die Eufraat af tot in verre lande.
- ⁹Mag die woestynbewoners voor hom kniel en sy vyande voor hom in die stof kruip.
- ¹⁰Mag die konings van Tarsis en die kuslande geskenke bring, die konings van Skeba en Seba aan hom belasting betaal.
- ¹¹Mag alle konings voor hom buig en al die nasies hom dien.
- ¹²Hy sal die arme red wat om hulp roep, die verdrukte en dié wat geen helper het nie;
- ¹³hy sal hom oor die swakke en die behoeftige ontferm, die lewens van die arm mense beskerm.
- ¹⁴Hy sal hulle van onderdrukking en geweld bevry; hulle lewens sal kosbaar wees in sy oë.
- ¹⁵Mag die koning lank lewe, mag daar vir hom goud uit Skeba gebring word; mag die mense gedurig vir hom bid en die hele dag seënbedes vir hom uitspreek.

¹⁶Mag daar volop graan in die land wees, mag dit selfs bo-op die bergtoppe wuif, mag die oes so welig wees soos die Libanon, die graan so geil opskiet soos gras in die veld.

¹⁷Mag die koning se naam altyd onthou word, mag sy roem duur so lank as die son daar is, sodat al die nasies hulle in sy regering verlustig en hom prys!

¹⁸Geloof sy God die Here, die God van Israel. Dit is net Hy wat magtige dade doen!

¹⁹Mag sy verhewe Naam vir altyd geloof word, mag die hele wêreld vol wees van sy majesteit. Amen, ja, amen.

²⁰Hier eindig die gebede van Dawid, seun van Isai.

Psalms 73

Dit is vir my goed om naby God te wees

¹'n Psalm van Asaf. God is vir Israel baie goed, vir dié wat rein van hart is.

²Tog het ek daaraan begin twyfel, ek het byna koers verloor,

³want ek het die hooghartige goddeloses met afguns bejeën toe ek hulle voorspoed sien.

⁴Hulle het geen kwellings nie, hulle is sterk en gesond,

⁵hulle het nie sorg soos ander mense nie, hulle het nie teëspoed soos ander nie.

⁶Daarom hang die trots aan hulle soos 'n halssnoer en kleef geweld aan hulle soos 'n kleed.

⁷In die weelde van hulle voorspoed matig hulle hulle enigiets aan;

⁸smalend stook hulle kwaad, hooghartig dreig hulle met geweld.

⁹Hulle laster teen die hemel en beledig links en regs op die aarde.

¹⁰Tog hang die volk hulle aan en drink gretig hulle woorde in.

¹¹Hulle vra: “Hoe sal God dit uitvind? Hoe sal die Allerhoogste dit weet?”

- ¹²Dit is hoe die goddelose mense is! So gaan hulle ongehinderd voort om rykdom op te hoop!
- ¹³Dat ek die kwaad vermy het en met 'n eed my onskuld verklaar het, het dus niks gehelp nie,
- ¹⁴want elke nuwe dag het vir my teenslae gebring en elke nuwe môre straf.
- ¹⁵Maar as ek so sou aanhou praat, sou ek dié verloën wat aan U behoort.
- ¹⁶Daarom het ek diep nagedink om dit te verstaan en was dit vir my bitter moeilik
- ¹⁷totdat ek in die heiligdom van God ingegaan en besef het wat die uiteinde van die goddeloses is.
- ¹⁸U laat hulle op gladde plekke loop, U laat hulle ondergaan deur hulle eie geknoei.
- ¹⁹In 'n oogwink word hulle iets afgrysligs, gaan hulle te gronde, tref 'n verskriklike einde hulle.
- ²⁰Net soos 'n droom wat ophou as 'n mens wakker word, so verdwyn hulle, Here, as U ingryp.
- ²¹Toe ek verbitter was en veronreg gevoel het,
- ²²was ek dom en sonder insig; soos 'n redelose dier het ek my teenoor U gedra.
- ²³Tog was ek nog altyd by U, want U vat my aan die hand.
- ²⁴U lei my met u raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem.
- ²⁵Daar is niks in die hemel of op die aarde wat vir my meer beteken as U nie.
- ²⁶Al is ek afgetakel na liggaam en gees, God is my sterkte; aan Hom behoort ek vir altyd.
- ²⁷Dié wat ver van U af is, gaan verlore, U vernietig dié wat aan U ontrou is.
- ²⁸Maar wat my aangaan, dit is vir my goed om naby God te wees. Ek het die Here my God gekies as my toevlug! Ek sal van al u werke bly vertel.

Psalms 74

Dink tog aan u verbond

- ¹n Gedig van Asaf. Waarom, o God, hou U aan om ons te verstoot? Waarom is U kwaad vir die kudde wat aan U behoort?
- ²Dink tog aan u gemeente wat U lank gelede u eiendom gemaak het, die volk wat U vir Uself as besitting verkry het, Sionsberg waarop U gewoon het!
- ³Kom loop tog deur die plek wat so lank al in puin lê, die heiligdom wat die vyand so totaal verwoes het.
- ⁴Die oorwinningskreet van u vyande het in die plek van samekoms weerklink, en hulle het hulle vaandel daar opgerig.
- ⁵Dit het gelyk soos wanneer iemand met 'n byl bosse skoonkap.
- ⁶Hulle het al die houtsneewerk met byl en koevoet stukkend geslaan.
- ⁷Hulle het u heiligdom aan die brand gestee, die woonplek van u Naam tot op die grond afgebreek.
- ⁸Hulle het vir hulleself gesê: “Ons sal alles vernietig.” En hulle het elke plek van samekoms in die land aan die brand gestee.
- ⁹U openbaar U nie meer aan ons nie, daar is geen profeet meer nie, niemand onder ons wat weet hoe lank dit nog gaan duur nie.
- ¹⁰Hoe lank, o God, sal ons teëstanders ons nog verneder? Sal die vyand u Naam vir altyd bly belaster?
- ¹¹Waarom help U ons nie? Waarom lig U nie u hand op en vernietig die vyand nie?
- ¹²God is van altyd af my koning, dit is Hy wat op die aarde redding bring.
- ¹³Dit is U wat deur u mag die see onstuimig gemaak het, U wat die koppe van die monsters in die see vermorsel het.
- ¹⁴U wat die koppe van die Leviatan verpletter het en hom vir die haaie gegee het,
- ¹⁵U wat fontein en stroom laat uitbreek het, U wat standhoudende riviere laat opdroog het.

¹⁶Dit is U aan wie dag en nag behoort, U wat aan die son en die maan hulle plek gegee het,

¹⁷U wat al die seisoene van die aarde vasgestel het; somer en winter is die werk van u hand.

¹⁸Dink tog hieraan: die vyand spot met U, Here, 'n barbaarse volk belaster u Naam.

¹⁹Moet tog nie dié wat deur U onderrig is, aan hierdie ondiere uitlewer nie, moet tog nie u verdrukke volk vir goed vergeet nie!

²⁰Dink tog aan u verbond, want selfs in die uithoeke van die land is daar verdrukking.

²¹Moenie dat die verdrukke teleurgestel omdraai nie, red die hulpelose en die arme, laat hulle u Naam prys.

²²Kom tog, o God! Laat geld tog u reg. Dink tog daaraan hoe u eer dag vir dag deur barbare geskend word.

²³Moet dit tog nie ongemerk laat verbygaan nie: die geskreeu van u teëstanders, die aanhoudende rumoer van u vyande.

Psalms 75

Dit is God wat verneder of verhef

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Moet dit nie verwoes nie!” 'n Psalm van Asaf. 'n Lied.

²Ons loof U, o God, ons loof U; U is by ons, u magtige daade moet bekend gemaak word.

³“As die tyd vir my optrede aanbreek,” sê God, “oordeel Ek regverdig.

⁴As die aarde met al sy bewoners sou wankel, dan grondves Ek hom weer stewig. *Sela*

⁵Vir die hooghartiges sê Ek: Moenie hooghartig wees nie, en vir die goddelose: Moet jouself nie verhef nie!

⁶Moet jou nie teen die hemel verhef en aanmatigende dinge sê nie.”

⁷Verheffing kom nie uit die ooste of uit die weste of uit die woestyn nie!

⁸Nee, dit is God wat verneder of verhef, Hy is die regter!

⁹Daar is 'n beker in die hand van die Here. Dit is vol skuimende wyn met gif gemeng. Hy laat die goddeloses van die aarde daaruit drink; hulle moet selfs die afsaksel opdrink, die beker leegdrink.

¹⁰Maar ek sal altyd getuig, altyd sing tot eer van die God van Jakob.

¹¹“Ek sal die mag van die goddeloses verpletter,” sê God, “maar die regverdige sal Ek hoog verhef.”

Psalms 76

God kom om die hulpeloses te red

¹Vir die koorleier: met snarespel. 'n Psalm van Asaf. 'n Lied.

²God het Hom in Juda bekend gemaak, sy Naam is groot in Israel;

³sy tuiste is in Salem, sy woning op Sion.

⁴Daar het Hy die brandpyle, die skild en die swaard vernietig, die aanval van die vyand afgeslaan. *Sela*

⁵Die glans waarmee U verskyn het, was skitterender as dié op die hoogste berge.

⁶Die dapper soldate van die vyand is in hulle slaap oorval en geplunder; nie een van die krygsmanne kon 'n hand ophig nie.

⁷Toe U ingegryp het, God van Jakob, was strydwa en perd daarmee heen.

⁸As u toorn ontbrand, laat U die mens sidder en beef. Wie kan dan voor U staan?

⁹Uit die hemel het U u uitspraak bekend gemaak. Die mensdom het bang geword en stilgebly

¹⁰toe God gekom het om te oordeel, om al die hulpeloses op die aarde te red. *Sela*

¹¹Ook die woede van 'n mens dien u lof, selfs die laaste reste van die woede gebruik U in u diens.

¹²Bring aan die Here julle God die dankoffers wat julle belowe het! Almal rondom Hom moet geskenke bring vir die Ontslagwekkende,

¹³vir Hom wat die oormoed van maghebbers breek, vir Hom voor wie die konings van die aarde sidder.

Psalms 77

Sal die Here vir altyd verstoot?

¹Vir die koorleier. Ter herinnering. Van Asaf. 'n Psalm.

²Ek roep na God om hulp, ek roep na God, want Hy sal my hoor.

³In my nood soek ek hulp by die Here; ook in die nag bly my hande in gebed uitgestrek sonder om moeg te word; maar ek vind geen troos nie.

⁴Ek dink aan God en ek sug, ek dink na en ek is verslae. *Sela*

⁵U laat my wakker lê, ontsteld en sprakeloos.

⁶Ek dink aan vroeër dae, aan jare lank gelede.

⁷As ek so in die nag lê en terugdink en peins, vra ek my af:

⁸“Sal die Here vir altyd verstoot en nooit weer genade betoon nie?

⁹Het daar vir altyd 'n einde gekom aan sy trou? Geld sy beloftes dan glad nie meer nie?

¹⁰Het God vergeet om medelye te hê? Het Hy in sy toorn sy ontferming onttrek? ” *Sela*

¹¹En ek sê: “My grootste smart is dat die Allerhoogste nie handel soos voorheen nie.”

¹²Ek wil dink aan die dae van die Here, ja, ek wil dink aan u wonderdade van vroeër.

¹³Ek wil nadink oor al u werk en oor al u dae peins.

¹⁴Alles wat U doen, is heilig, o God. Waar is 'n god so groot soos God?

- ¹⁵U is die God wat wonderdade doen; U het u mag onder die volke geopenbaar.
- ¹⁶U het u volk deur u krag gered, die kinders van Jakob en Josef. *Sela*
- ¹⁷Toe die waters U sien, o God, toe die waters U sien, het hulle gebewe, die diep waters het gesidder.
- ¹⁸Die wolke het water uitgegiet, uit die donderwolke het dit gedreun, u weerligte het in alle rigtings geblits.
- ¹⁹U donderslae het die lugruim gevul, weerligstrale het die wêreld verlig, die aarde het geskud en gebewe.
- ²⁰U het deur die see gekom, u weg deur magtige waters gebaan. Niemand het u spoor gesien nie.
- ²¹U het u volk soos 'n kudde gelei deur die hand van Moses en Aäron.

Psalms 78

Sodat die volgende geslag dit kan weet

- ¹'n Gedig van Asaf. Luister na wat ek jou leer, my volk, luister aandagtig na wat ek sê.
- ²Ek gaan 'n gedig voordra, ek gaan julle inlei in geheimenisse uit die verre verlede.
- ³Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het,
- ⁴sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.
- ⁵Hy het aan Jakob sy voorskrifte gegee, aan Israel sy onderwysing. Hy het ons voorvaders beveel om dit aan hulle kinders bekend te maak,
- ⁶sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan hulle kinders kan vertel.
- ⁷So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het

⁸en nie wees soos die voorvaders nie. Dié was 'n opstandige en ongehoorsame volk, 'n onbestendige geslag wat nie aan God getrou was nie.

⁹Die Efraimiete was goed gewapen en bedrewe met die boog, maar toe die geveg begin, het hulle gevlug.

¹⁰Hulle het die verbond met God nie gehou nie, en geweier om te lewe soos Hy hulle geleer het.

¹¹Hulle het vergeet van sy werke, van die wonderdade wat Hy hulle laat sien het.

¹²Voor die oë van hulle voorvaders het Hy wonders gedoen in Egipte, in die veld by Soan.

¹³Hy het die see oopgeklou en hulle laat deurtrek. Hy het die water laat opdam en dit het soos 'n muur gestaan.

¹⁴Bedags het Hy hulle met 'n wolk gelei, snags met die lig van 'n vuur.

¹⁵Hy het rotse in die woestyn oopgeklou en soos by groot waterstrome almal se dors geles.

¹⁶Hy het water uit die rots laat stroom, dit soos riviere laat vloei.

¹⁷Maar hulle het aangehou om teen Hom te sondig; in die woestyn het hulle teen die Allerhoogste in opstand gekom.

¹⁸Hulle het God getart toe hulle kos gevra het na eie smaak

¹⁹en God uitgedaag het: “Kan God hier in die woestyn kos gee?

²⁰Hy het wel teen 'n rots laat slaan en die waters het gevloei, spruite het gestroom; maar sou Hy ook brood kon gee en vleis aan sy volk kon voorsit? ”

²¹Toe die Here dit hoor, het Hy kwaad geword; Hy het 'n vuur teen Jakob laat ontbrand, teen Israel sy toorn laat woed

²²omdat hulle nie op God vertrou het en op sy hulp staat gemaak het nie.

²³Hy het die wolke daarbo gebied en die deure van die hemel oopgemaak:

²⁴Hy het manna op hulle laat reën, uit die hemel kos aan hulle gegee om te eet.

- ²⁵Van hierdie brood uit die hemel het elkeen geëet. God het vir hulle oorgenoeg kos gestuur.
- ²⁶Hy het die oostewind laat opsteek en deur sy krag die suidewind laat waai.
- ²⁷Soos sandkorrels, so baie voëls het Hy op hulle laat reën, voëls so volop soos die sand van die see.
- ²⁸Hy het dit in die kamp rondom hulle tente laat val.
- ²⁹Hulle het geëet, meer as genoeg, Hy het vir hulle gegee wat hulle gevra het.
- ³⁰Maar hulle gulsigheid het geen perke geken nie. Hulle kos was nog so in hulle mond,
- ³¹toe tref die toorn van God hulle. Hy het 'n slagting onder die grotes aangerig, die keur van Israel laat omkom.
- ³²Tog het hulle bly sondig en sy wonderdade het vir hulle niks gesê nie.
- ³³Daarom het Hy hulle hulle dae vrugteloos laat deurbring en hulle jare vol kommer.
- ³⁴Elke keer as God 'n slagting onder hulle aangerig het, het hulle na sy wil gevra, hulle bekeer en na Hom toe gekom.
- ³⁵Hulle het bely dat God hulle rots, dat die Allerhoogste hulle verlosser is.
- ³⁶Maar hulle was vals teenoor Hom, hulle was nie opreg in wat hulle gesê het nie,
- ³⁷hulle was ontrou aan Hom, hulle het hulle nie aan sy verbond gehou nie.
- ³⁸Maar Hy is genadig, Hy vergewe sonde, Hy wis sy volk nie uit nie. Dikwels het Hy sy toorn bedwing en sy gramskap nie laat losbreek nie.
- ³⁹Hy het daaraan gedink dat hulle maar mense is, wind wat verbywaai en nie terugkom nie.
- ⁴⁰Hoe dikwels was hulle in die woestyn opstandig teen Hom en het hulle Hom daar in die barre wêreld bedroef!

⁴¹Oor en oor het hulle God getart en het hulle optrede die Heilige van Israel gegrief.

⁴²Hulle het nie aan sy mag gedink nie, aan die dag waarop Hy hulle van die vyand verlos het nie:

⁴³Hy het in Egipte sy magtige daade gedoen, sy wonders in die veld by Soan;

⁴⁴Hy het hulle riviere in bloed verander sodat hulle nie uit hulle waterstrome kon drink nie;

⁴⁵Hy het swerms muggies tussen hulle ingestuur wat nie opgehou het met byt nie; ook paddas, en dié het die lewe vir hulle ondraaglik gemaak;

⁴⁶Hy het hulle oes aan sprinkaanswerms gegee, die vrug van hulle arbeid laat afvreet;

⁴⁷Hy het hulle wingerde deur die hael laat wegslaan, hulle wildevyebome laat versuip;

⁴⁸Hy het hulle vee aan die hael oorgegee, hulle kuddes aan die weerligstrale;

⁴⁹Hy het sy gloeiende toorn op hulle losgelaat: gramskap, woede en rampe, 'n hele vrag onheil;

⁵⁰Hy het sy toorn vrye loop gegee, hulle lewens nie gespaar nie en hulle aan die pes uitgelewer;

⁵¹Hy het al die eersgeborenes van die Egiptenaars getref, die eerstelinge in die wonings van Gam.

⁵²Maar sy eie volk het Hy uitgelei en hulle soos 'n kudde skape deur die woestyn laat trek.

⁵³Vir hulle het Hy veilig gelei, en hulle was nie bang nie, maar hulle vyande, dié is deur die see oorweldig.

⁵⁴Hy het sy volk gebring na die gebied wat Hy afgesonder het, na die bergland wat Hy deur sy mag verower het.

⁵⁵Hy het nasies voor sy volk uit verdryf en aan sy volk 'n land as besitting gegee. Hy het daardie nasies se woonplekke aan die stamme van Israel gegee.

⁵⁶Maar hulle het God die Allerhoogste getart en teen Hom in opstand gekom. Hulle was nie aan sy gebooie gehoorsaam nie.

⁵⁷Net soos hulle voorvaders was hulle afvallig en ontrou, so vals soos 'n onbetroubare wapen.

⁵⁸Hulle het Hom vertoorn met hulle afgodsdiens op die hoogtes en Hom uitgetart met hulle gesnede beelde.

⁵⁹Toe God dit sien, het Hy kwaad geword en Israel verwerp.

⁶⁰Hy het die tabernakel in Silo verwoes, die tent waarin Hy onder die mense gewoon het.

⁶¹Hy het die volk wat Hy deur sy mag verower het, in ballingskap weggestuur, sy uitverkore volk in die mag van die vyand gegee.

⁶²Hy het sy volk aan die swaard oorgegee, kwaad geword vir dié wat aan Hom behoort.

⁶³Die jongmanne het in die vuur omgekom: daar is nie meer huweliksliedere vir die jongmeisies gesing nie.

⁶⁴Die priesters het deur die swaard gesterf, die weduwees het nie kans gekry om hulle mans te begrawe nie.

⁶⁵Daarna het die Here weer ingegryp. Dit was asof Hy geslaap het, soos iemand wat in 'n roes was en nou wakker geword het.

⁶⁶Hy het sy vyande teruggedryf en hulle vir altyd 'n eerlose neerlaag laat ly.

⁶⁷Hy het die geslag van Josef verwerp en teen die stam Efraim gekies.

⁶⁸Hy het die stam Juda verkies, Sionsberg wat Hy liefhet.

⁶⁹Hy het sy heiligdom hemelhoog gebou en dit soos die aarde vir altyd vas laat staan.

⁷⁰Hy het Dawid as sy dienaar gekies en hom van die skaapkrale af weggeneem.

⁷¹Agter die lammerooie het Hy hom weggehaal om sy volk Jakob, sy eiendom Israel, te versorg.

⁷²Dawid het die volk met toewyding versorg en hulle met oorleg gelei.

Psalms 79

Help ons, o God, ons Redder

¹'n Psalm van Asaf. Heidene het u land binnegedring, o God, hulle het u heilige tempel ontwy en Jerusalem in puin gelê.

²Hulle het die lyke van u dienaars aan die voëls gegee om te vreet, die vleis van u troue dienaars aan die wilde diere.

³Hulle het die bloed van u dienaars rondom Jerusalem laat vloei soos water. Niemand het hulle begrawe nie.

⁴Ons het 'n bespotting vir ons buurvolke geword, ons word gespot en uitgejou deur almal rondom ons.

⁵Hoe lank sal dit nog aanhou, Here? Sal u toorn dan vir altyd duur, u woede soos 'n vuur bly brand?

⁶Laat u gramskap die heidene tref: hulle dien U nie; laat dit die koninkryke tref wat u Naam nie aanroep nie.

⁷Dit is hulle wat vir Jakob tot niet gemaak en sy woonplek verwoes het.

⁸Moet tog nie die ongeregthede van vorige geslagte op ons laat neerkom nie, ontferm U tog gou oor ons, want ons kragte is gedaan.

⁹Help ons, o God, ons Redder, ter wille van die eer van u Naam, red ons, vergewe ons ons sondes tot die eer van u Naam.

¹⁰Waarom moet die heidene sê: “Waar is hulle God nou? ” Laat ons aanskou hoe u straf die heidene tref oor die bloed van u dienaars wat vergiet is.

¹¹Slaan tog ag op die gesug van die gevangenes. Red deur u groot mag dié wat met die dood bedreig word.

¹²Betaal ons bure dubbel en dwars terug, Here, vir die bespotting wat U van hulle moes verduur.

¹³Ons, u volk en u kudde, sal U altyd loof, van geslag tot geslag sal ons van u roemryke daade vertel.

Psalms 80

Verskyn tog tot ons redding

¹Vir die koorleier: op die wysie van “Lelies”. 'n Getuienis van Asaf. 'n Psalm.

²Luister tog, Herder van Israel, U wat die nageslag van Josef soos 'n kudde lei; U wat oor die gerubs troon, verskyn tog aan ons!

³Openbaar u mag aan die stamme Efraim, Benjamin en Manasse, kom help ons tog!

⁴Laat dit weer met ons goed gaan, o God, verskyn tog tot ons redding!

⁵Here, almagtige God, hoe lank nog sal U afsydig staan teenoor die gebed van u volk?

⁶U het aan ons trane vir kos gegee en ons 'n beker vol verdriet laat drink.

⁷U laat ons bure teen ons veg, en ons vyande lag oor ons.

⁸Almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!

⁹U het 'n wingerdstok in Egipte uitgehaal en dit hier kom plant nadat U die nasies uitgedrywe het.

¹⁰U het vir hom plek reggemaak, sy wortels het gegroei en hy het die land ingeneem.

¹¹Sy skaduwee het die berge oordek, sy ranke die magtige seders.

¹²Hy het sy ranke uitgestoot tot by die see, sy lote tot by die Eufraat.

¹³Waarom het U die mure om hom afgebreek? Al die verbygangers stroop hom,

¹⁴die wildevarke uit die bos verwoes hom, gediertes uit die veld vreet hom op.

¹⁵Almagtige God, kyk tog uit die hemel af en ontferm U weer oor hierdie wingerdstok, neem hom weer onder u sorg.

¹⁶Hou in stand wat U met u eie hand geplant het, die wingerdstok wat U vir Uself gekweek het!

¹⁷Laat dié wat hom soos onkruid verbrand het, deur u oordeel te gronde gaan.

¹⁸Hou u hand oor die mense wat deur U uitgekies is, oor die volk wat U vir U grootgemaak het.

¹⁹Dan sal ons nie weer van U af wegdraai nie. Hou ons aan die lewe, dan sal ons u Naam aanroep!

²⁰Here, almagtige God, laat dit weer met ons goed gaan, verskyn tog tot ons redding!

Psalms 81

As my volk maar na My wou luister

¹Vir die koorleier: met musiek. Van Asaf.

²Jubel tot eer van God ons sterkte, juig tot eer van die God van Jakob!

³Sing, en slaan die tamboeryn, laat hoor die lieflike klanke van die lier en die harp.

⁴Blaas die ramshoring op nuwemaan, met volmaan, op ons feesdag,

⁵want dit is 'n instelling vir Israel, 'n verordening van die God van Jakob.

⁶Hy het dit vir die nageslag van Josef as 'n dure plig opgelê toe hulle uit Egipte weggetrek het. Wat hulle toe nog nie geweet het nie, het hulle gehoor:

⁷“Ek het die swaar drag van julle skouers afgehaal, julle kon die mandjies neersit.

⁸In julle nood het julle geroep en Ek het julle gered; Ek het julle uit 'n donderwolk geantwoord, julle by die waters van Meriba op die proef gestel. *Sela*

⁹Luister, my volk, Ek gee julle 'n opdrag. Israel, luister na My:

¹⁰‘Daar mag vir julle geen ander god wees nie, julle mag voor geen vreemde god neerbuig nie.

¹¹Ek is die Here julle God wat julle uit Egipte laat wegtrek het. Wat julle nodig het, sal Ek in oorvloed gee.’

¹²“Maar my volk het nie na My geluister nie, Israel wou niks met My te doen hê nie.

¹³Daarom het Ek hulle laat begaan in hulle koppigheid en hulle het hulle eie sin en wil gevolg.

¹⁴Ag, as my volk maar na My wou luister, as Israel maar my wil wou doen,

¹⁵hoe gou sou Ek hulle vyande nie op die knieë bring en hulle teëstanders met my eie hand verslaan nie.”

¹⁶Dié wat voorgee dat hulle die Here dien, maar Hom haat, hulle straf sal vir altyd duur.

¹⁷Maar vir julle sal Hy voed met die beste koring, julle versadig met heuning uit 'n rots.

Psalms 82

God beskik oor al die nasies

¹'n Psalm van Asaf. In die hemelse vergadering, tussen die hemelwesens, staan God op om uitspraak te lewer:

²“Hoe lank gaan julle nog onregverdige beslissings vel, nog partydig wees vir die goddelose? *Sela*

³Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, ‘n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoeftige lewer,

⁴julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red;

⁵maar julle weet niks, julle verstaan niks, julle gaan eenvoudig in duisternis voort, en so word die fondamente van die wêreld geskud.

⁶Ek het wel gesê: Julle is almal gode, almal met mag bekleed.

⁷Maar nou, julle sal elkeen sterwe soos 'n mens en aan julle einde kom soos enige maghebber.”

⁸Kom tog, o God! Lewer uitspraak oor die wêreld, want al die nasies behoort aan U.

Psalms 83

Kyk hoe gaan u vyande teen U te kere

¹'n Lied. 'n Psalm van Asaf.

²Moet tog nie afsydig staan nie, o God, moet tog nie stilbly en niks doen nie!

³Kyk hoe gaan u vyande teen U te kere, hoe verset u teëstanders hulle teen U.

⁴Teen u volk smee hulle komplotte in die geheim, hulle sweer saam teen dié wat onder u beskerming staan.

⁵Hulle sê: “Kom ons roei hulle uit dat hulle nie meer 'n volk is nie, dat niemand meer die naam Israel sal onthou nie.”

⁶Hulle het eensgesind saamgespan en 'n verbond teen U gesluit:

⁷Edom en die Ismaeliete, Moab en die Hagareërs,

⁸Gebal, Ammon en Amalek, Filistea en die inwoners van Tirus.

⁹Selfs Assirië het by hulle aangesluit; hulle help almal die kinders van Lot. *Sela*

¹⁰Maak met hulle soos met die Midianiete, soos met Sisera, soos met Jabin by Kisonspruit.

¹¹Hulle is by En-Dor vernietig en hulle lyke het daar op die grond gelê en vergaan.

¹²Maak met hulle leiers soos met Oreb en Seëb, met elkeen van hulle aanvoerders soos met Seba en Salmunna,

¹³wat gesê het: “Kom ons vat die weivelde van God vir ons.”

¹⁴My God, maak tolbosse van hulle, stoppels in die wind,

¹⁵'n bos wat in vuur verteer word, berge wat in vlamme afbrand;

- ¹⁶jaag hulle met u stormwind, slaan hulle uitmekaar met u orkaan.
- ¹⁷Laat hulle met skande daarvan afkom! Dan sal hulle weet wie U is, Here!
- ¹⁸Bring hulle tot skande, maak die lewe vir hulle een lang verskrikking, verneder hulle en wis hulle uit;
- ¹⁹laat hulle besef dat alleen U die Naam “Here” het, U, die Allerhoogste oor die hele aarde.

Psalms 84

Hoe lief het ek u woning, Here

- ¹Vir die koorleier: met musiek. Van die Koragiete. 'n Psalm.
- ²Hoe lief het ek u woning, Here, Almagtige!
- ³Ek versmag van verlange na die tempel van die Here; met alles wat ek is, wil ek jubel oor die lewende God.
- ⁴Selfs 'n mossie het 'n nes en 'n swaeltjie 'n plek vir haar kleintjies daar by u altare, Here, Almagtige, my Koning en my God!
- ⁵Dit gaan goed met mense vir wie u huis 'n tuiste is: hulle hou nie op om U te prys nie. *Sela*
- ⁶Dit gaan goed met mense wat hulle krag in U vind en graag na u tempel toe gaan.
- ⁷Vir hulle gaan daar fonteine oop wanneer hulle deur 'n dorre laagte trek en die vroeë reëns sy seëninge bring.
- ⁸Keer op keer ontvang hulle nuwe krag totdat hulle voor God in Sion verskyn.
- ⁹Here, almagtige God, hoor my gebed, luister tog, God van Jakob! *Sela*
- ¹⁰Sien tog om na die koning, ons beskermmer, o God; hou u gesalfde onder u sorg.
- ¹¹Waarlik, één dag in u tempel is beter as duisend daarbuite. Ek staan liewer by die drumpel van die huis van my God as om te woon in huise sonder God.

¹²Die Here God is ons krag en ons beskerming, die Here gee genade en eer, Hy weerhou die goeie nie van dié wat reg lewe nie.

¹³Here, Almagtige, dit gaan goed met die mens wat op U vertrou!

Psalms 85

U was goed vir u land

¹Vir die koorleier. Van die Koragiete. 'n Psalm.

²U was goed vir u land, Here, U het aan die nageslag van Jakob 'n nuwe toekoms gegee;

³U het u volk sy sonde nie toegereken nie, hom al sy skuld kwytgeskeld. *Sela*

⁴U het u woede laat bedaar, u gloeiende toorn laat afkoel.

⁵Ontferm U weer oor ons, o God, ons Verlosser, moet tog nie langer op ons toornig wees nie!

⁶Sal U dan altyd vir ons kwaad bly? Sal U dan u toorn van geslag tot geslag laat voortduur?

⁷Wil U nie weer die lewe vir ons nuut maak sodat u volk hulle vreugde in U kan vind nie?

⁸Laat ons u troue liefde belewe, skenk ons u reddende hulp, Here.

⁹Ek wil luister na wat God die Here sê, want sy woord bring vrede vir sy volk, vir dié wat Hom getrou dien. Hulle moet net nie weer afdwaal nie.

¹⁰Waarlik, uitkoms is naby vir dié wat Hom dien: Hy sal sy reddende mag in ons land openbaar.

¹¹Liefde en trou sal mekaar ontmoet, geregtigheid en vrede sal mekaar omhels;

¹²trou sal uit die aarde uit opspruit, geregtigheid sal uit die hemel uit afkom.

¹³Die Here sal voorspoed skenk en ons land sal sy oes gee.

¹⁴Die geregtigheid sal Hom vooruitgaan en 'n pad maak vir sy koms.

Psalms 86

Gee U my tog krag!

- ¹'n Gebed van Dawid. Luister tog na my, Here, verhoor my gebed, want ek is hulpeloos en arm.
- ²Beskerm my, want ek is u troue dienaar, red my, want U is my God, op U vertrou ek.
- ³Wees my genadig, Here, ek roep die hele dag deur na U.
- ⁴Maak my bly, Here, ek hunker na U.
- ⁵U is goed, Here, U vergewe altyd weer, U is getrou teenoor dié wat na U roep om hulp.
- ⁶Luister na my gebed, Here, gee tog ag op my smeekgebed.
- ⁷Op die dag van my nood roep ek na U, U sal my gebed verhoor.
- ⁸Daar is geen god soos U nie, Here, niks kan met u werk vergelyk word nie.
- ⁹U het al die nasies gemaak; hulle sal voor U kom buig, Here, en aan u Naam die eer gee,
- ¹⁰want U is groot en doen magtige dade, U alleen is God.
- ¹¹Leer my u pad, Here, ek wil wandel in u waarheid; leer my U met toewyding dien.
- ¹²Met my hele hart sal ek U prys, Here my God, u Naam altyd eer,
- ¹³want u liefde vir my was groot: uit die dieptes van die dood het U my gered.
- ¹⁴Dit is hovaardige mense wat my aanval, o God, 'n bende geweldenaars wat my wil doodmaak, mense wat met U nie rekening hou nie.
- ¹⁵U, Here, is 'n barmhartige en genadige God, lankmoedig, vol liefde en trou.
- ¹⁶Sien my, u dienaar van my geboorte af, in genade aan, gee U my tog krag en red my.
- ¹⁷Maak my 'n voorbeeld van u goedheid, sodat dié wat my haat, verleë sal moet toesien dat U, Here, my help en vir my uitkoms gee.

Psalms 87

Die Here het die stad Sion lief

¹Van die Koragiete. 'n Psalm. 'n Lied. Die fondament van Sion is die heilige berg.

²Die Here het vir Sion lief meer as enige ander plek in Jakob.

³Daar word groot dinge van jou gesê, stad van God: *Sela*

⁴“Ek reken onder dié wat my ken ook die mense van Egipte en Babel, selfs dié van Filistea, Tirus en Kus. Hulle het almal kinders van Sion geword.”

⁵Daarom word van Sion gesê: “Daar is hulle man vir man gebore; die Allerhoogste hou Sion in stand.”

⁶As die Here die name van die volke aanteken, sal Hy by elkeen skrywe: “Hierdie een is ook 'n kind van Sion.” *Sela*

⁷Met sang en dans sal almal Sion prys.

Psalms 88

Laat my gebed nie tevergeefs wees nie

¹'n Lied. 'n Psalm van die Koragiete. Vir die koorleier: met fluitspel. 'n Gedig van Heman die Esragiet.

²Here my God wat my altyd help, ek roep elke dag om hulp, elke nag bid ek tot U.

³Laat my gebed nie tevergeefs wees nie, hoor my geroep.

⁴Die swaarkry het vir my te veel geword: ek vat al aan die doderyk,

⁵ek staan al met die een voet in die graf, ek het geen krag meer nie.

⁶Dit is asof ek al tussen die dooies is, tussen dié wat gesnuwel het en in hulle grafte lê, dié aan wie U nie meer dink nie en van wie U u hand teruggetrek het.

⁷U het my onder in die put laat beland, in diepe duisternis.

⁸U gramskap rus swaar op my, U laat al u golwe oor my breek. *Sela*

⁹U laat my bekendes ver van my af staan en maak my vir hulle iets afskuweliks; ek sit vasgevang en kan nie uitkom nie.

¹⁰My oë is al dof van ellende; die hele dag deur roep ek na U, Here, en steek ek my hande in gebed na U uit.

¹¹Sal U met dooies 'n wonder laat gebeur? Kan gestorwenes opstaan en U loof?
Sela

¹²Word daar in die graf vertel van u troue liefde? Word daar in die plek waar almal vergaan, van u trou vertel?

¹³Sal u wondermag ondervind word in die duisternis van die dood, u redding in die land van vergetelheid?

¹⁴Ek roep na U om hulp, Here, vroeg in die môre al bid ek tot U.

¹⁵Waarom verstoot U my, Here, waarom trek U U van my af terug?

¹⁶Ek ly swaar, ek kwyn al weg van my jeug af. Dit is 'n swaar las waarmee U my teister. Ek weet geen raad meer nie.

¹⁷U toorn rus op my, U tref my met skrik en vernietig my.

¹⁸Dit bedreig my heeldag soos vloedwater, dit sak op my toe van alle kante af.

¹⁹U laat my vriende en my bure ver van my af staan, die duisternis van die dood is my geselskap.

Psalms 89

Die hemel loof u wondermag

¹'n Gedig van Etan die Esragiet.

²Ek sal altyd sing van die Here se liefdesdade, sy trou verkondig aan komende geslagte.

³Ek sê: “U liefde en u trou wankel nooit, dit hou vir altyd stand in hemel en op aarde.”

⁴U het gesê: “Ek het 'n verbond gesluit met my uitverkorene, Ek het 'n eed gesweer vir my dienaar Dawid:

⁵Ek sal vir jou 'n nageslag verseker vir altyd en jou troon in elke geslag laat standhou.” *Sela*

- ⁶Die hemel loof u wondermag, Here, die hemelinge loof u trou.
- ⁷Wie in die hemel kan met die Here vergelyk word? Wie onder die hemelwesens is soos die Here?
- ⁸Hy is God, vir Hom het die hemelse vergadering 'n heilige ontsag. Hy is magtig, gevrees onder almal rondom Hom.
- ⁹Here, almagtige God, wie is soos U? U krag is groot, Here, u trou is oral!
- ¹⁰U heers oor die onstuimige see: as sy golwe opstaan, laat U hulle bedaar.
- ¹¹U het die monster Rahab verbrysel, hy is verslaan. Deur u groot mag het U u vyande uitmekaargejaag.
- ¹²Aan U behoort die hemel, aan U behoort ook die aarde, die wêreld en alles daarin. U het alles gemaak.
- ¹³Die noorde en die suide, U het dit geskep; Tabor en Hermonberg roem u Naam.
- ¹⁴U het 'n magtige arm, sterk is u hand, kragtig u regterhand.
- ¹⁵U troon is gebou op geregtigheid en reg, liefde en trou staan in u diens.
- ¹⁶Dit gaan goed met die volk wat kan jubel tot u eer, wat in u lig lewe, Here.
- ¹⁷Hulle besing u Naam die hele dag, hulle prys u reddingsdade;
- ¹⁸U is die krag waarin hulle roem. Dit is ons sterkte: dat ons u guns geniet.
- ¹⁹Ons koning behoort aan die Here, ja, ons beskermmer behoort aan die Heilige van Israel.
- ²⁰U het 'n openbaring gegee, oor u troue dienaar het U gesê: “Ek het aan 'n held my bystand geskenk, aan 'n dapper jong man uit die volk 'n ereplek gegee.
- ²¹Ek het Dawid as my dienaar uitgesoek, hom met my heilige olie tot koning gesalf.
- ²²My mag sal hom ondersteun, my krag sal hom sterk maak.
- ²³Vyande sal hom geen leed aandoen nie, gewetenlose mense sal hom nie verdruk nie.

- ²⁴Ek sal sy teëstanders voor hom verpletter en dié wat hom haat, verslaan.
- ²⁵My trou en liefde sal by hom wees: deur My sal hy oorwin.
- ²⁶Ek sal sy heerskappy uitbrei tot oor die see, sy gesag tot oorkant die riviere.
- ²⁷Hy sal My aanroep met die woorde: 'U is my Vader, my God, die rots wat my redding is.'
- ²⁸Ek stel hom eerste, die magtigste koning op aarde.
- ²⁹Vir altyd handhaaf Ek my trou teenoor hom; my verbond met hom staan vas.
- ³⁰Ek sal vir hom altyd nakomelinge verseker sodat sy troon vas sal staan so lank daar 'n hemel is.
- ³¹As sy nakomelinge nie handel volgens my woord nie en nie lewe volgens my bepalings nie,
- ³²as hulle my voorskrifte verontagsaam en my gebooie nie nakom nie,
- ³³sal Ek hulle oor hulle oortreding straf en hulle oor hulle sonde met swaar slae tref.
- ³⁴Maar my liefde sal Ek van hom nie terughou nie, my trou nie verbreek nie.
- ³⁵Ek sal my verbond nie versaak nie, nie een van my beloftes terugtrek nie.
- ³⁶Ek, die Heilige, het 'n eed afgelê, en my woord aan Dawid sal Ek nie verbreek nie:
- ³⁷daar sal altyd nakomelinge van hom wees, sodat sy troon so blywend soos die son sal wees.
- ³⁸Soos die maan sal dit altyd daar wees. Solank die hemel daar is, sal dit vas bly staan." *Sela*
- ³⁹Maar nou het U in u toorn tog u gesalfde verstoot en verwerp.
- ⁴⁰U het die verbond met u dienaar nie in ag geneem nie, sy kroon tot in die grond vertrap.
- ⁴¹U het al sy stadsmure afgebreek, sy vestings in puin gelê.

⁴²Almal wat daarlangs kom, beroof hom; die buurvolke behandel hom met minagting.

⁴³U het sy teëstanders laat seëvier, al sy vyande laat juig.

⁴⁴U het hom voor die vyand laat vlug, hy kon nie staande bly in die oorlog nie.

⁴⁵Aan sy koninklike luister het U 'n end gemaak, sy troon teen die grond gegooi.

⁴⁶U het sy jeugdige krag gebreek en hom diep verneder. *Sela*

⁴⁷Sal U dan vir altyd u hulp weerhou, Here? Sal die vuur van u gramskap dan bly brand?

⁴⁸Dink tog daaraan hoe kort die lewe is, hoe min daar in die lewe is vir al die mense wat deur U geskep is.

⁴⁹Watter mens leef daar wat die dood nie sal sien nie, wat homself kan red uit die mag van die doderyk? *Sela*

⁵⁰Waar is u liefde van vroeër, Here, wat U in u trou plegtig aan Dawid belowe het?

⁵¹Dink, Here, aan die smaad wat my aangedoen is, aan alles wat ek moes verduur van baie volke.

⁵²Die mense van wie hierdie smaad kom, is u vyande, Here, dit is u gesalfde vir wie hulle smaad waar hy ook gaan.

⁵³Aan die Here kom die lof toe vir altyd. Amen, ja, amen.

Psalms 90

Van ewigheid tot ewigheid is U God

¹'n Gebed van Moses, die man van God. Here, U was vir ons 'n toevlug van geslag tot geslag.

²Voordat die berge gebore is, voordat U die wêreld voortgebring het, ja, van ewigheid tot ewigheid is U God!

³U laat die mens sterwe: U sê net: “Word weer stof! ”

⁴Duisend jaar is vir U soos gister as dit verby is, soos een enkele wagbeurt in die nag.

⁵U maak 'n einde aan 'n mens, hy gaan die doodslaap in. Hy is soos gras wat in die môre afgesny word:

⁶in die môre is dit nog groen, maar dit word afgesny en teen die aand is dit verlep en dit verdroog.

⁷Ons vergaan onder u toorn, ons gaan te gronde onder u gramskap.

⁸U sien ons oortredinge raak, U bring die sondes wat ons wou wegsteek, aan die lig.

⁹Onder u toorn vlieg ons dae en skiet ons jare verby soos 'n gedagte.

¹⁰Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig, en dié is vol swaarkry en leed. Dit is gou verby, ons vlieg na ons einde toe.

¹¹Wie ken die krag van u toorn beter as u dienaars? Wie ken u gramskap beter?

¹²Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom.

¹³Hoe lank nog, Here, voordat U ons te hulp kom? Ontferm U tog oor ons.

¹⁴Skenk ons elke dag u liefde in oorfloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees.

¹⁵Soveel dae as dié waarin U ons verdruk het, soveel jare as dié waarin ons gely het, gee ons soveel jare van blydschap.

¹⁶Laat u werk vir ons duidelik word en u grootheid vir ons kinders.

¹⁷Laat ons die goedheid van die Here ons God belewe: hou die werk van ons hande in stand, ja, die werk van ons hande, hou dit in stand.

Psalms 91

Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind

¹Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind en die beskerming van die Almagtige geniet,

²hy sê vir die Here: “U is my toevlug en my veilige vesting, my God op wie ek vertrou.”

³Dit is Hy wat jou uit die voëlvanger se wip hou en jou bewaar van dodelike siekte.

⁴Hy beskut jou onder sy vleuels en is vir jou 'n veilige skuilplek. Sy trou beskerm jou aan alle kante.

⁵Jy hoef nie bang te wees vir gevaar in die nag of vir aanvalle oordag,

⁶vir pes wat in die donker toeslaan of vir siekte wat helder oordag verwoesting saai nie.

⁷Al val daar duisende langs jou, tienduisende by jou, vir jou sal niks tref nie.

⁸Met jou eie oë sal jy sien hoe die goddelose gestraf word.

⁹Omdat jy die Here as skuilplek geneem het, die Allerhoogste as jou beskermmer,

¹⁰sal geen onheil jou tref en geen plaag naby jou woonplek kom nie.

¹¹Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm waar jy ook al gaan.

¹²Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.

¹³Jy sal oor leeus en adders loop, leeus en slange sal jy doodtrap.

¹⁴“Omdat hy My liefhet, sal Ek hom red,” sê die Here, “omdat hy My ken, sal Ek hom beskerm.

¹⁵Wanneer hy My aanroep, sal Ek sy gebed verhoor; in sy nood sal Ek by hom wees, Ek sal hom red en hom in sy eer herstel.

¹⁶'n Baie lang lewe sal Ek hom gee en oor my hulp sal hy hom verbly.”

Psalms 92

Groots is alles wat U doen, Here

¹'n Psalm. 'n Lied vir die sabbatdag.

²Dit is goed om die Here te loof, om u Naam te besing, Allerhoogste,

- ³om elke môre van u liefde te getuig, en elke aand van u trou,
- ⁴om dit te doen met snaarinstrumente, met harp en lier.
- ⁵U groot dade, Here, het my baie bly gemaak, ek wil juig oor wat U gedoen het.
- ⁶Groots is alles wat U doen, Here, ondeurgrondelik u gedagtes.
- ⁷Wie dit nie besef nie, is 'n dom mens, wie dit nie insien nie, is sonder verstand.
- ⁸Al is die goddelose voorspoedig, al floreer almal wat onreg doen, hulle sal vir goed uitgewis word.
- ⁹U regeer vir ewig, Here,
- ¹⁰en dit staan vas: u vyande sal uitgedelg word, Here, almal wat onreg doen, sal vernietig word.
- ¹¹Maar vir my gee U krag soos dié van 'n buffel, U laat my 'n oorwinningsfees vier.
- ¹²Ek kyk op my teëstanders neer, ek luister sonder vrees na die mense wat niks ontsien nie, wat in opstand teen my is.
- ¹³Die regverdiges sal sterk wees soos palmbome, soos hoë seders op die Libanon.
- ¹⁴Hulle vind hulle krag in die huis van die Here en groei op in die tempel van ons God.
- ¹⁵Selfs in hulle ouderdom sal hulle nog toeneem in krag. Hulle sal fris en lewenskragtig wees.
- ¹⁶So sal blyk dat die Here regverdig is, dat daar by Hom geen onreg is nie. Hy is my rots.

Psalms 93

U is van altyd af daar

- ¹Die Here is Koning, Hy bekleë Hom met majesteit. Die Here bekleë Hom, Hy omgord Hom met krag. Die wêreld staan vas, dit wankel nie,

²en vas staan u troon van ouds af: U is van altyd af daar.

³Riviere het gedruis, Here, riviere het gedruis, riviere het gedreun,

⁴maar hoog bo die geraas van baie waters, hoog bo die golwe van die see, troon die Here in sy koninklike mag.

⁵U verordeninge staan baie vas. Heiligheid versier u huis, Here, tot in lengte van dae.

Psalms 94

Kom, Regter van die aarde!

¹Here, God wat onreg straf, U wat onreg straf, verskyn tog!

²Kom, Regter van die aarde, reken af met die mense wat hulle teen U verhef.

³Hoe lank, Here, hoe lank sal die goddeloses hulle nog verlustig in die leed van ander mense?

⁴Hulle kook oor van vermetelheid; almal wat onreg doen, spog daarmee.

⁵Hulle vertrap u volk, Here, hulle verdruk die volk wat aan U behoort;

⁶hulle vermoor weduwees en vreemdelinge, hulle maak weeskinders dood

⁷en dink die Here sien dit nie, die God van Jakob merk dit nie.

⁸Gebruik tog julle verstand, julle wat so dom optree onder die volk. Julle dwase, wanneer wil julle dan verstandig word?

⁹Sou Hy wat vir ons ore gemaak het, self nie kan hoor nie? Sou Hy wat vir ons oë gemaak het, nie kan sien nie?

¹⁰Sou Hy wat die nasies opvoed, nie ook straf nie? Sou Hy wat die mensdom onderrig, self niks weet nie?

¹¹Die Here ken die gedagtes van die mens, Hy weet dit beteken niks.

¹²Dit gaan goed met die mens wat deur U opgevoed word, Here, vir wie U onderrig in u woord

¹³en vir wie U rus gee na tye van teëspoed. Maar vir die goddelose word die graf reeds gegrawe.

¹⁴Die Here verstoot nie sy volk nie, die volk wat aan Hom behoort, laat Hy nie in die steek nie.

¹⁵Die regspraak sal weer regverdig wees, alle opregtes sal hulle daaraan kan hou.

¹⁶Wie staan by my teen dié wat my leed aandoen? Wie help my teen mense wat my veronreg?

¹⁷As die Here my nie gehelp het nie, was die stilte van die graf seker al my tuiste!

¹⁸Toe ek gedink het my voete gly, het u troue liefde my regop gehou, Here.

¹⁹Toe ek met baie onrus in my binneste sit, het u vertroosting my tot rus gebring.

²⁰U duld geen korrupsie in die regspraak nie, geen mens wat, teen u gebod in, ellende veroorsaak nie.

²¹Hulle span saam teen die regverdige, hulle veroordeel onskuldige mense tot die dood.

²²Maar vir my is die Here 'n veilige vesting, my God is die rots waar ek kan skuil.

²³Hy sal hulle laat boet vir hulle daade, Hy sal hulle verdelg oor hulle boosheid. Die Here ons God sal hulle verdelg.

Psalms 95

Hy is ons God en ons is sy volk

¹Kom, laat ons jubel tot eer van die Here, laat ons juig oor die rots by wie ons redding vind,

²laat ons na Hom toe gaan met lof, laat ons Hom toejuig met lofsange,

³want die Here is die magtige God, die groot koning oor al die gode.

⁴Die dieptes van die aarde behoort aan Hom, die kruine van die berge is Syne.

⁵Die see is Syne, Hy het dit gemaak; sy hande het die land gevorm.

⁶Kom ons val in eerbetoon voor Hom neer, kom ons buig, kom ons kniel voor die Here ons Skepper!

⁷Hy is ons God en ons is sy volk, sy kudde, sy skape, deur sy hand versorg. As julle vandag maar na Hom wou luister:

⁸“Moenie hardkoppig wees soos destyds by Meriba, soos die dag by Massa in die woestyn nie,

⁹waar julle voorvaders My uitgetart en my geduld beproef het, hoewel hulle gesien het wat Ek gedoen het.

¹⁰Veertig jaar lank het Ek 'n weersin in daardie geslag gehad, Ek het gesê: ‘Hulle is 'n moedswillige volk, hulle wil my paaie nie ken nie.’

¹¹Daarom het Ek in my toorn 'n eed afgelê dat hulle nooit sou uitkom by die rusplek wat Ek hulle wou gee nie.”

Psalms 96

Die Here kom om oor die aarde te heers

¹Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot eer van die Here, almal op aarde!

²Sing tot eer van die Here, prys sy Naam, verkondig elke dag sy reddingsdade!

³Vertel die nasies van sy mag, al die volke van sy magtige dade.

⁴Die Here is groot, al die lof kom Hom toe, ontsagwekkend is Hy bo alle gode.

⁵Al die gode van die volke is niks: dit is die Here wat die hemele gemaak het.

⁶Majesteit en luister straal van Hom uit, krag en glans vul sy heiligdom.

⁷Prys die Here, alle volke, prys die Here om sy eer en mag!

⁸Prys die Here om die eer van sy Naam! Kom na sy voorhowe toe, bring vir Hom offers!

⁹Buig voor die Here by sy heilige verskyning; betoon eerbied aan Hom, almal op aarde.

¹⁰Verkondig onder die nasies: “Die Here regeer; die wêreld staan vas, dit wankel nie; die Here sal die volke regverdig oordeel.”

¹¹Die hemele moet bly wees en die aarde moet juig, die see en alles daarin moet druis,

¹²die veld en alles daarop moet jubel, al die bome in die bos moet hulle verheug

¹³voor die Here, want Hy kom, Hy kom om oor die aarde te heers. Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.

Psalms 97

Vir die regverdiges het daar lig gekom

¹Die Here regeer, die aarde moet juig, al die baie eilande moet bly wees!

²Die Here is omgewe van donker wolke; sy troon is gebou op reg en geregtigheid.

³'n Vuur trek voor Hom uit en verteer sy vyande aan alle kante.

⁴Sy weerligstrale verlig die wêreld; die aarde sien dit en bewe.

⁵Berge smelt soos was voor die Here, voor die Here van die aarde.

⁶Die hemel getuig dat Hy regverdig is en al die volke sien sy magtige verskyning.

⁷Almal wat beelde dien, wat nikswerd afgode vereer, word ontnugter, want al hulle gode moet voor die Here buig.

⁸Sion is bly, die stede van Juda juig wanneer hulle hoor wat U as regter gedoen het, Here.

⁹U, Here, is die Allerhoogste oor die hele aarde, hoog verhewe bo alle gode.

¹⁰Julle het die Here lief; haat dan wat sleg is! Hy bewaar die lewe van sy troue dienaars, Hy red hulle uit die greep van die goddelose.

¹¹Vir die regverdiges het daar lig gekom, blydschap vir die opregtes.

¹²Wees bly in die Here, regverdiges, prys sy heilige Naam.

Psalms 98

Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here

- ¹n Psalm. Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, want Hy het magtige dade gedoen, deur sy krag en Goddelike mag het Hy oorwin.
- ²Die Here het sy oorwinning bekend gemaak, aan die nasies het Hy sy reddingsdade geopenbaar.
- ³Aan die huis van Israel het Hy sy liefde en sy trou herbevestig; die hele wêreld het gesien dat ons God die oorwinning behaal het.
- ⁴Juig tot eer van die Here, almal op aarde, wees vrolik, juig en sing!
- ⁵Sing tot eer van die Here met begeleiding van die lier, speel op die lier en sing.
- ⁶Blaas die trompet en die ramshoring, jubel tot eer van die Here, die Koning.
- ⁷Die see en alles daarin moet druis, die aarde en alles daarop moet juig,
- ⁸die riviere moet hande klap, die berge moet saam juig
- ⁹voor die Here, want Hy kom om oor die aarde te heers; Hy sal oor die wêreld heers met regverdigheid, oor die volke met billikheid.

Psalms 99

Die Here ons God is heilig

- ¹Die Here regeer: die volke erken bewend sy gesag. Hy troon oor die gerubs: die aarde sidder van ontsag.
- ²Groot is die Here, Hy wat in Sion is, hoog verhewe bo al die volke.
- ³Hulle moet u groot en gevreesde Naam prys: “U is heilig!”
- ⁴U is die magtige Koning, U het die reg lief; wat reg is, het U tot stand gebring. U het reg en geregtigheid in Jakob gevestig.
- ⁵Prys die Here ons God. Kom buig in aanbidding voor Hom: Hy is heilig!
- ⁶Moses en Aäron was onder sy priesters, Samuel onder dié wat sy Naam aangeroep het. Hulle het die Here aangeroep en Hy het hulle gebed verhoor.

⁷In 'n wolkkolom het God met hulle gepraat, en hulle het sy voorskrifte gehoorsaam, die opdragte wat Hy hulle gegee het.

⁸Here ons God, U het hulle gebede verhoor. U was vir hulle 'n vergewende God, maar Een wat ook hulle sondes gestraf het.

⁹Prys die Here ons God, buig voor Hom op sy heilige berg, want die Here ons God is heilig.

Psalms 100

Dien die Here met blydschap

¹'n Dankpsalm. Juig tot eer van die Here, almal op aarde!

²Dien die Here met blydschap! Kom voor Hom met gejubel!

³Erken dat die Here God is: Hy het ons gemaak en ons is Syne, ons is sy volk, sy eie kudde.

⁴Gaan sy poorte binne met dankliedere, sy tempel met lofsange, dank Hom, prys sy Naam,

⁵want die Here is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie, sy trou duur van geslag tot geslag.

Psalms 101

Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe

¹Van Dawid. 'n Psalm. Ek wil sing van u troue liefde en u geregtigheid, ek wil 'n lied sing tot u eer, Here.

²Ek wil my daaraan wy om opreg te lewe. Wanneer kom U na my toe? In my huis wil ek lewe in opregtheid,

³niks wat sleg is, wil ek nastreef nie. Ek haat wat verkeerd is. Dit mag geen houvas op my hê nie.

⁴Valsheid wil ek van my af weg hou, van kwaad wil ek niks weet nie.

⁵Wie sy naaste beskinder, wil ek uitwis. Hoogmoed en vermetelheid verdra ek nie.

⁶Ek kies as my amptenare dié in die land wat op God vertrou; die man wat opreg lewe, hy kan in my diens wees.

⁷Geen bedrieër sal in my paleis diens doen nie, geen leuenaar kan my dien nie.

⁸In my daaglikse regspraak sal ek al die goddeloses in die land uitwis, almal wat onreg doen uit die stad van die Here uitroei.

Psalms 102

U is daar van geslag tot geslag

¹Gebed van 'n hulpelose wanneer dit met hom sleg gaan en hy sy klagte uitstort voor die Here.

²Here, luister tog na my gebed, hoor tog my geroep om hulp!

³Moet U tog nie van my afsydig hou nou dat ek in die nood is nie. Luister tog na my wanneer ek U aanroep, verhoor tog gou my gebed,

⁴want vir my verdwyn die dae soos rook. My liggaam brand soos vuur,

⁵ek is verskroei en uitgedroog soos gras, ek het alle eetlus verloor.

⁶Ek het net vel en been geword van al die pyn.

⁷Ek voel so verlate soos 'n pelikaan in 'n woestyn, soos 'n uil tussen murasies.

⁸As ek wakker word, voel ek soos 'n eensame voël op 'n huis se dak.

⁹Die dae deur verneder my vyande my. Dié wat my so verkleineer, gebruik my naam as 'n vloekwoord.

¹⁰As is my daaglikse brood; wat ek drink, is met my tranes gemeng,

¹¹want u toorn en u gramskap het my getref, U het my verwerp en weggegooi.

¹²Soos 'n skaduwee wat lank word, is my lewe naby sy einde, ek is soos verdroogde gras.

¹³U, Here, U heers vir altyd, U is daar van geslag tot geslag.

¹⁴U sal ingryp en U oor Sion ontferm, want die bestemde tyd het aangebreek, die tyd om hom genadig te wees.

- ¹⁵Ons, u dienaars, het elke klip van Sion lief, ons is bewoë oor sy puin.
- ¹⁶Die nasies sal die Here vrees en al die konings van die aarde sy mag,
- ¹⁷want die Here gaan Sion weer opbou wanneer Hy in sy mag verskyn.
- ¹⁸Hy luister na die gebed van dié wat alles verloor het, Hy sal hulle gebed nie verag nie.
- ¹⁹Laat dit opgeteken word vir die geslag wat kom, sodat die nuut geskape volk die Here kan loof.
- ²⁰Hy het uit sy heilige woning na onder gekyk en uit die hemel gesien wat op die aarde gebeur,
- ²¹die gekerm van die gevangenes gehoor en dié wat naby die dood was, bevry.
- ²²Hulle sal die Naam van die Here in Sion besing en sy lof in Jerusalem
- ²³wanneer die volke en die koninkryke bymekaarkom om die Here te dien.
- ²⁴Hy het my krag gebreek toe ek nog jonk was, Hy het my lewe verkort.
- ²⁵Ek sê: “My God, moet my nie in die fleur van my lewe wegneem nie! U is daar deur die geslagte heen.
- ²⁶In die voortyd al het U die aarde gevestig en die hemele met u eie hande gemaak.
- ²⁷Die hemel en die aarde sal vergaan, maar U sal bly. Soos 'n kledingstuk verslyt, so sal alles vergaan, soos klere wat uitgedien raak, so sal U alles laat verdwyn.
- ²⁸Maar U bly dieselfde, u jare het geen einde nie.”
- ²⁹Ons nageslag sal die land bly bewoon, ons nakomelinge sal veilig voor U woon.

Psalms 103

Onverganklik is die liefde van die Here

- ¹Van Dawid. Ek wil die Here loof, met alles wat in my is, wil ek sy heilige Naam loof.

- ²Ek wil die Here loof en nie een van sy weldade vergeet nie.
- ³Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees,
- ⁴wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon,
- ⁵wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk.
- ⁶Die Here laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word.
- ⁷Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te doen.
- ⁸Barmhartig en genadig is die Here, lankmoedig en vol liefde.
- ⁹Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie.
- ¹⁰Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie,
- ¹¹want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien.
- ¹²So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.
- ¹³Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die Here Hom oor dié wat Hom dien.
- ¹⁴Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is.
- ¹⁵Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan:
- ¹⁶as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg.
- ¹⁷Maar onverganklik is die liefde van die Here vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte,
- ¹⁸vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom.
- ¹⁹Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal.

²⁰Loof die Here, magtige engele wat sy opdragte uitvoer, sy bevele gehoorsaam.

²¹Loof die Here, alle hemelwesens wat Hom dien en sy wil doen!

²²Almal wat deur Hom geskep is, loof die Here op al die plekke waar Hy heers!
Ek wil die Here loof!

Psalms 104

Ek wil my in die Here verbly

¹Ek wil die Here loof! Here my God, U is baie groot, U is bekleed met koninklike luister,

²U is met 'n kleed van lig omhul. Dit is U wat die hemelkoepel soos 'n tentdoek gespan

³en vir U 'n woonplek ingerig het oor die waters daarbo, U wat op die wolke ry, op die vleuels van die wind,

⁴U wat die winde u boodskappers maak, die weerligte u dienaars,

⁵U wat die aarde stewig gevestig het, sodat dit nooit sal wankel nie.

⁶Die groot waters het die aarde soos 'n kleed oordek, die waters het bo-oor die berge gestaan.

⁷Maar toe U die waters aanspreek, het hulle gevlug, voor die krag van u stem het hulle die wyk geneem.

⁸Hulle het oor die berge gespoel en in die laagtes weggevloei na die plek toe wat U vir hulle bestem het.

⁹U het 'n grens gestel waaroor hulle nie mag gaan nie: hulle mag die aarde nie weer oordek nie.

¹⁰U laat fonteine in die valleie ontspring en tussen die berge deur stroom.

¹¹Daar kom al die wilde diere drink en die wildedonkies hulle dors les.

¹²Die voëls maak hulle neste langs die water en kwetter tussen die takke.

¹³Uit die hemel laat U dit op die berge reën, die aarde word versadig deur die reën wat U gee.

¹⁴U laat gras uitspruit vir die diere, en groen plante vir die mens sodat hy sy kos uit die aarde kan kry:

¹⁵wyn om mense se harte bly te maak, olie om die gesig te versorg, kos om die mens nuwe krag te gee.

¹⁶Die bome van die Here kry volop reën, die seders op die Libanon, dié wat Hy geplant het,

¹⁷waar die voëls hulle neste maak, en die reier sy huis in die boomtoppe bou.

¹⁸Die hoë berge is 'n tuiste vir die klipbokke, die rotse is 'n skuilplek vir die dassies.

¹⁹U het die maan gemaak om die vaste tye mee aan te gee, die son weet wanneer om onder te gaan.

²⁰As U die donker bring en dit nag word, roer al die diere in die bos.

²¹Die leeus brul op soek na prooi: hulle vra hulle kos van God.

²²As die son opkom, sluip hulle weg en gaan lê in hulle skuilplekke.

²³Dan gaan die mens na sy werk toe, en hy werk tot die aand.

²⁴U het baie dinge geskep, Here, die aarde is vol van wat U gemaak het, en tog, U het alles in wysheid geskep.

²⁵Daar is die see, groot en wyd, wat wemel van diere, klein en groot.

²⁶Daar vaar die skepe, en daar is die Leviatan. U het hom gemaak om mee te speel.

²⁷Hulle is almal van U afhanklik, U gee hulle kos op hulle tyd.

²⁸U gee, en hulle eet, U maak u hand oop, en hulle kry meer as genoeg.

²⁹Maar as U U terugtrek, is dit klaar met hulle, as U hulle asem wegneem, is hulle dood en word hulle weer stof.

³⁰U gee die lewensasem en daar is lewe; ook uit die grond laat U nuwe lewe spruit.

³¹Mag daar aan die roem van die Here geen einde wees nie! Mag die werk van die Here Hom vreugde verskaf,

³²Hy wat na die aarde kyk, en dit bewee, wat die berge aanraak, en hulle brand.

³³Ek wil tot eer van die Here sing so lank ek lewe, ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is.

³⁴Mag hierdie bepeinsinge van my vir Hom aanneemlik wees! Ek wil my in die Here verbly.

³⁵Mag die sondaars van die aarde af verdwyn, mag die goddeloses ophou om te bestaan! Ek wil die Here loof. Prys die Here!

Psalms 105

Die Here hou sy verbond altyd in stand

¹Loof die Here! Roep Hom aan! Maak aan die nasies bekend wat Hy gedoen het.

²Sing liedere, sing tot sy eer, vertel van al sy magtige daade.

³Roem sy heilige Naam, laat dié wat die teenwoordigheid van die Here soek, bly wees.

⁴Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.

⁵Julle moet dink aan die magtige daade wat Hy gedoen het, aan sy wonders, aan die reddingsdade op sy bevel,

⁶julle, nageslag van Abraham sy dienaar, nakomelinge van Jakob vir wie Hy uitverkies het.

⁷Hy, die Here, is ons God; sy reddingsdade strek oor die hele aarde.

⁸Hy hou sy verbond altyd in stand, die belofte wat Hy aan duisende geslagte toegesê het,

⁹die verbond wat Hy met Abraham gesluit het, sy eed aan Isak.

¹⁰Hy het dit vir Jakob bevestig as 'n vaste toesegging, vir Israel as verbond wat altyd sal bestaan.

- ¹¹Hy het gesê: “Ek gee Kanaän vir jou as grondgebied en eiendom.”
- ¹²Toe hulle nog maar min was, net 'n paar mense, en vreemdelinge in die land,
- ¹³toe hulle van volk na volk geswerf het, van die gebied van die een volk na dié van 'n ander,
- ¹⁴het Hy niemand toegelaat om hulle te verdruk nie, en het Hy selfs konings ter wille van hulle gewaarsku:
- ¹⁵“Moenie aan my gesalfdes raak nie, moenie my profete kwaad aandoen nie!”
- ¹⁶Toe Hy hongersnood oor die land gebring het en al hulle kos laat opraak het,
- ¹⁷het Hy iemand voor hulle uit gestuur: Josef is as slaaf verkoop.
- ¹⁸Hulle het sy voete geboei en hom in die gevangenis gehou
- ¹⁹totdat sy woorde bewaarheid is, nadat hy die toets deurstaan het met wat die Here aan hom bekend gemaak het.
- ²⁰Toe het die koning hom uit die gevangenis laat uitkom; die heerser oor baie volke het hom vrygelaat
- ²¹en hom aangestel as hoof van die koninklike huishouding, met gesag oor al sy besittings.
- ²²Josef kon die amptenare van die koning na goeddunke beveel en selfs aan hoë amptenare leiding gee.
- ²³Israel het na Egipte toe gekom, Jakob kon in die land van Gam gaan woon.
- ²⁴Die Here het sy volk baie vrugbaar gemaak, talryker as hulle onderdrukkers.
- ²⁵Hy het die gesindheid van die Egiptenaars verander, sodat hulle sy volk gehaat en vyandig opgetree het teenoor sy dienaars.
- ²⁶Die Here het Moses, sy dienaar, gestuur, en vir Aäron, die man wat Hy verkies het.
- ²⁷Onder die Egiptenaars het hulle die tekens van die Here gedoen, sy wonders het hulle gedoen in die land van Gam.

- ²⁸Hy het duisternis gestuur, dit donker gemaak, maar hulle het hulle teen sy opdrag bly verset.
- ²⁹Hy het hulle waters in bloed verander en hulle visse laat vrek.
- ³⁰Hulle land het gekrioel van die paddas, selfs tot in hulle koning se slaapkamer.
- ³¹Die Here het beveel en daar het insekte gekom, muggies oor hulle hele gebied.
- ³²Hy het hulle reëns in hael verander en swaarweer oor hulle land gestuur.
- ³³Hy het hulle wingerdstokke en vyebome vernietig en die bome in hulle gebied stukkend geslaan.
- ³⁴Hy het beveel en daar het sprinkane gekom, ontelbaar baie sprinkane.
- ³⁵Hulle het al wat groen was in die Egiptenaars se land verslind en al die gesaaides van hulle lande afgevreet.
- ³⁶Al hulle oudste seuns in die land het Hy laat sterwe, al hulle eersgeborenes.
- ³⁷Toe het Hy sy volk uitgelei, belaaï met silwer en goud. In geeneen van die stamme het iemand uitgesak nie.
- ³⁸Die Egiptenaars was bly dat hulle vertrek het, want hulle was skrikbevange oor die Israeliete.
- ³⁹Die Here het 'n wolk uitgesprei as beskutting oor hulle en 'n vuur gegee om lig te maak in die nag.
- ⁴⁰Toe hulle kos vra, het Hy kwartels laat kom en sy volk met brood uit die hemel versadig.
- ⁴¹Hy het 'n rots oopgebreek en daar het water uitgestroom wat soos 'n rivier deur die dorre gebied gevloei het.
- ⁴²Ja, Hy het sy heilige belofte aan sy dienaar Abraham gestand gedoen
- ⁴³en sy volk juigend, sy uitverkorenes jubelend laat voorttrek.

⁴⁴Vir hulle het Hy die heidene se lande gegee; wat deur ander volke met moeite verkry is, het hulle in besit geneem.

⁴⁵Daarom moet hulle sy voorskrifte gehoorsaam en sy wil doen. Prys die Here!

Psalms 106

Wie kan sy lof ten volle verkondig?

¹Prys die Here! Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!

²Wie kan die magtige daade van die Here onder woorde bring? Wie kan sy lof ten volle verkondig?

³Dit gaan goed met mense wat die reg handhaaf, wat by elke geleentheid geregtigheid doen.

⁴Dink aan my, Here, in u liefde vir u volk, sluit my ook in by u redding,

⁵dat ek die voorspoed van u uitverkorenes mag aanskou en mag deel in die blydschap van u volk, my mag verheug saam met dié wat aan U behoort.

⁶Ons het gesondig, net soos ons voorvaders, ons het verkeerd gedoen, ons is skuldig.

⁷Ons voorvaders het in Egipte nie ag geslaan op u magtige daade nie, hulle het nie gedink aan al u daade van trou nie, hulle het teen U in verset gekom by die Rietsee.

⁸Maar Hy het hulle gered ter wille van die eer van sy Naam en om sy mag bekend te maak.

⁹Hy het die Rietsee aangespreek en dit het opgedroog, Hy het sy volk oor die seabodem laat trek soos oor droë grond.

¹⁰So het Hy hulle gered uit die hand van hulle haters, hulle bevry uit die mag van die vyand.

¹¹Die waters het hulle teëstanders verswelg, nie één het oorgebly nie.

¹²Tóé het sy volk sy beloftes geglo en sy lof besing.

- ¹³Maar hulle het gou vergeet wat Hy gedoen het en nie op sy leiding gewag nie.
- ¹⁴Hulle het skaamteloos meer kos geëis in die woestyn, daar in die barre wêreld het hulle die geduld van God beproef.
- ¹⁵Toe het Hy hulle gegee wat hulle gevra het, maar hulle van siekte laat wegteer.
- ¹⁶Langs die trekpad het hulle hulle in afguns teen Moses verset en teen Aäron wat aan die Here gewy was.
- ¹⁷Toe het die aarde geskeur en vir Datan verslind, dit het die bende van Abiram verswelg.
- ¹⁸'n Vuur het hulle hele bende verteer, die goddelose het in die vlamme omgekom.
- ¹⁹By Horeb het hulle 'n kalf gemaak, voor 'n god van metaal gekniel.
- ²⁰Hulle het die magtige teenwoordigheid van God verruil vir die beeld van 'n bees wat gras vreet.
- ²¹So het hulle vir God, hulle redder, vergeet, Hy wat groot dinge in Egipte gedoen het,
- ²²wonderdade in die land van Gam, magtige dade by die Rietsee.
- ²³Die Here wou hulle verdelg, maar Moses, sy uitverkorene, het by Hom vir hulle in die bres getree om sy gramskap af te keer, sodat Hy hulle nie vernietig het nie.
- ²⁴Hulle het 'n waardevolle land versmaai en die belofte van die Here nie geglo nie;
- ²⁵hulle het in hulle tente gesit en mor en nie na die Here geluister nie.
- ²⁶Toe het Hy 'n eed afgelê dat Hy hulle in die woestyn sou laat omkom,
- ²⁷hulle nageslag sou laat sterf onder heidense nasies, hulle oor die wêreld sou verstrooi.

- ²⁸Hulle het Baäl-Peor aangehang en geëet van wat aan die dooie afgode geoffer is.
- ²⁹Hulle het die Here uitgetart met wat hulle gedoen het, en 'n plaag het onder hulle uitgebreek.
- ³⁰Pinehas het opgetree en die skuldiges gestraf, en die plaag het opgehou.
- ³¹Dié optrede is deur al die geslagte heen vir Pinehas as 'n daad van geregtigheid toegereken.
- ³²Die volk het die Here se toorn by die Meribawaters laat ontvlam, en Moses het die wrange vrugte van hulle optrede gepluk:
- ³³hulle het hom so verbitterd laat raak dat hy onbesonne dinge gesê het.
- ³⁴Hulle het nie die ander volke uitgeroei soos die Here hulle beveel het nie,
- ³⁵maar hulle met die heidene vermeng en hulle praktyke aangeleer:
- ³⁶hulle het die afgode van die heidene begin dien en daarin verstrik geraak.
- ³⁷Hulle het hulle seuns en dogters aan veldduiwels geoffer
- ³⁸en onskuldige bloed vergiet, die bloed van hulle seuns en dogters wat hulle aan die afgode van Kanaän geoffer het. So is die land met bloed beplek.
- ³⁹Die volk het hulle verontreinig deur hulle optrede en het troubreuk gepleeg deur hulle dade.
- ⁴⁰Die toorn van die Here het teen sy volk ontvlam, Hy het 'n weersin gekry in die volk wat aan Hom behoort
- ⁴¹en hulle aan heidene oorgegee, sodat hulle haters oor hulle geheers het.
- ⁴²Hulle vyande het hulle verdruk en hulle onder hulle gesag laat buig.
- ⁴³Talle kere het die Here sy volk gered, maar hulle het opstandig gebly en dieper in hulle sonde weggesink.
- ⁴⁴Tog het Hy sy oë nie vir hulle nood gesluit nie; Hy het hulle smeekgebede verhoor.

⁴⁵Ter wille van hulle het Hy aan sy verbond gedink, en in sy groot liefde was Hy genadig.

⁴⁶Hy het hulle medelye laat vind by dié wie se gevangenes hulle was.

⁴⁷Red ons, Here ons God, maak ons bymekaar tussen die volke uit, dat ons u heilige Naam kan loof en ons in u lof kan verheug.

⁴⁸Aan die Here die God van Israel kom die lof toe tot in die allerverste toekoms. Die hele volk moet sê: “Amen! Prys die Here! ”

Psalms 107

Let op die Here se dade van trou

¹“Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie! ”

²So moet die mense sê wat deur die Here bevry is, dié wat Hy uit hulle nood bevry het

³en uit baie lande versamel het, uit die ooste en die weste, die noorde en die suide.

⁴Party was verdwaal in die woestyn, in 'n barre wêreld, en kon die pad na 'n bewoonde stad nie kry nie.

⁵Hulle was honger en dors, hulle was uitgeput,

⁶maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp en Hy het hulle gered uit hulle ellende.

⁷Hy het hulle op die regte pad gebring en by 'n bewoonde stad laat uitkom.

⁸Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen.

⁹Hy het die dors geles van dié wat versmag het, Hy het die goeie in oorvloed gegee aan dié wat honger gely het.

¹⁰Party het in die donker gesit, in diep duisternis, hulle was gevangenes, in ellende en in boeie,

¹¹want hulle het hulle verset teen die bevele van God, hulle het die leiding van die Allerhoogste in die wind geslaan.

¹²Hy het hulle laat knak onder swaarkry, hulle het inmekaar gesak, en niemand het gehelp nie.

¹³Maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende.

¹⁴Hy het hulle uit die donker, uit die diep duisternis, laat uitkom, Hy het hulle boeie stukkend gebreek.

¹⁵Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen,

¹⁶want Hy het koperdeure oopgebreek, ystergrendels stukkend geslaan.

¹⁷Party het dwaas opgetree, en deur hulle rebelse optrede, hulle sonde, het hulle in die ellende beland.

¹⁸Alle kos het hulle laat walg, en hulle het by die dood omgedraai,

¹⁹maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle bevry van hulle ellende.

²⁰Hy het hulle met 'n enkele woord gesond gemaak, hulle aan die dood laat ontkom.

²¹Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen.

²²Hulle moet dankoffers bring en met blydschap van sy dade getuig.

²³Party het met skepe die see bevaar en hulle bestaan op die groot waters gemaak.

²⁴Hulle het die werk van die Here ervaar, sy wonderdade op die diep waters.

²⁵Op sy bevel het 'n stormwind opgesteek en die golwe opgejaag.

²⁶Die skepe het hemelhoog gestyg en na die dieptes afgeduik. Die bemanning was radeloos van angs

²⁷en het soos dronk mense gesteier en gewaggel; al hulle seemanskuns het niks gehelp nie.

²⁸Maar in hulle nood het hulle na die Here geroep om hulp, en Hy het hulle veilig uit hulle ellende gelei.

²⁹Hy het die stormwind stilgemaak, en die golwe van die see het bedaar.

³⁰Die seevaarders het hulle verheug oor die kalmte. God het hulle veilig gelei na die hawe waar hulle wou kom.

³¹Hulle moet die Here loof vir sy troue liefde, vir sy wonderdade wat Hy aan mense doen.

³²Hulle moet van sy grootheid getuig in die volksvergadering, Hom prys in die byeenkoms van die leiers.

³³Hy verander waterryke gebied in woestyn, fonteinwêreld in dorsland,

³⁴Hy maak vrugbare grond brak oor die slegte dade van dié wat daar woon.

³⁵Hy verander woestynggebied in rietvlei, dor land in fonteinwêreld

³⁶en laat honger mense hulle daar vestig dat hulle stede kan stig om in te woon.

³⁷Hulle bewerk lande en plant wingerde, en dié lewer hulle oeste.

³⁸Hy seën hulle en hulle word vinnig meer, Hy laat hulle vee nie minder word nie.

³⁹En as die mense minder word en wegkwyn onder die druk van teëspoed en moeilikheid,

⁴⁰dan is dit die magtiges wat Hy tref met vernedering en wat Hy laat ronddwaal in 'n wilde wêreld sonder pad.

⁴¹Hy beskerm die armes teen verdrukking en maak hulle nakomelinge so talryk soos kleinvee.

⁴²As die opregtes dit sien, is hulle bly: alle onreg het tot 'n einde gekom.

⁴³Wie verstandig is, moet op hierdie dinge ag gee, hulle moet let op die Here se dade van trou.

Psalms 108

Toon u grootheid, o God

¹'n Lied. 'n Psalm van Dawid.

²Ek voel weer veilig, o God, ek wil 'n lied sing, ja, ek wil sing,

³ek wil vroeg opstaan, met harp en lier wil ek die rooidag wakker maak!

⁴Onder die volke wil ek U loof, Here, onder die nasies u lof besing,

⁵want u liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke.

⁶Toon u grootheid, o God, hoog bo die hemel, hoog bo die aarde u mag.

⁷Verlos ons deur u groot mag, en help ons, sodat hulle vir wie U liefhet, gered kan word.

⁸God het in sy heilige woning gesê: “As oorwinnaar sal Ek Sigem verdeel en die Sukkotlaagte uitdeel!

⁹Aan My behoort Gilead, aan My behoort Manasse! Efraim is my vernaamste vesting, Juda my koninklike gebied.

¹⁰Moab is tot my beskikking, Edom neem Ek in besit, oor Filistea juig Ek as oorwinnaar.”

¹¹Wie sal ons na Edom toe lei, ons bring na sy goed beskermde stad?

¹²U het ons verstoot, o God, U trek nie saam met ons leërs uit nie, o God!

¹³Help U ons tog teen die vyand, want die hulp van mense — dit is niks.

¹⁴Met God aan ons kant sal ons oorwin, Hy self sal ons vyande vertrap.

Psalms 109

U is goed en getrou, red my tog!

¹Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. U is die God wat ek altyd loof, moet tog nie my gebede onverhoord laat nie!

²Dit is goddelose mense en leuenaars wat my aankla. Hulle getuig vals teen my,

³met woorde vol haat tref hulle my van alle kante, sonder enige rede val hulle my aan.

⁴My liefde beantwoord hulle met vyandskap, en dit terwyl ek nog altyd vir hulle gebid het.

⁵So vergeld hulle my met kwaad vir goed en haat vir liefde, en hulle sê:

⁶“Stel 'n misdadiger aan as sy regter, laat een wat vyandig is, hom aankla;

⁷sorg dat hy skuldig bevind word, laat selfs sy gebed teen hom tel as 'n misdaad.

⁸Laat sy lewe kort wees en laat 'n ander sy amp oorneem!

⁹Mag sy kinders wees word, sy vrou 'n weduwee!

¹⁰Laat sy kinders as bedelaars rondswerf en tussen die puinhoop van hulle huise kos soek.

¹¹Laat die skuldeiser beslag lê op al sy besittings, laat vreemdes plunder wat hy met moeite bymekaargemaak het!

¹²Laat niemand aan hom liefde bewys nie, laat niemand hom die lot van sy kinders aantrek nie.

¹³Laat sy nageslag uitgeroei word, laat hulle naam binne een geslag uitgewis wees!

¹⁴Mag die Here die ongeregtigheid van sy voorvaders nie vergeet nie, mag die sonde van sy moeder nooit uitgewis word nie!

¹⁵Laat dit voortdurend vir die Here bly bestaan, maar laat hulle naam van die aarde af gevee word

¹⁶omdat hy nie daaraan gedink het om liefde te bewys nie: hy het die mens in nood en die arme, dié wat plat geslaan is, tot die dood toe vervolg.

¹⁷Hy het graag vervloek, laat die vloek hóm tref! Hy het nie graag geseën nie, laat seën ver van hóm af wees!

¹⁸Om mense te vervloek, is vir hom soos klere dra, soos water drink, soos lyfolie aansmeer.

¹⁹Laat sy vloek hom aankleef soos sy klere, soos 'n gordel wat hy deurentyd dra! ”

²⁰Mag die Here dit alles oor my teëstanders laat kom, oor dié wat my sulke vreeslike dinge toewens.

²¹U is die Here my God, handel met my só dat u Naam geëer sal word. U is goed en getrou, red my tog.

²²Ek is hulpeloos en arm, my hart is inmekaargekrimp in my.

²³Soos 'n skaduwee wat lank word, is my einde naby, en ek word weggegee soos 'n sprinkaan.

²⁴My knieë knak al soos ek gevas het, my liggaam is uitgeteer en maer.

²⁵Ek het die spot van die mense geword; hulle kyk met veragting na my en knik met voldoening die kop.

²⁶Help my, Here my God, red my in u troue liefde,

²⁷dat mense kan weet dat dit u hand is, U, Here, wat dit gedoen het.

²⁸Hulle vloek my, maar U sal my seën. Hulle kla my aan, maar hulle sal verloor, en ek, u dienaar, sal bly wees.

²⁹Laat my teëstanders met skande oordek word, laat vernedering hulle aankleef soos hulle klere.

³⁰Dan sal ek my lof aan die Here laat weerklink en Hom voor 'n groot skare prys,

³¹want Hy staan by die arme en red hom van dié wat hom ter dood wil veroordeel.

Psalms 110

Kom sit aan my regterhand

¹Van Dawid. 'n Psalm. Die Here het vir my heer die koning gesê: “Kom sit aan my regterhand, en Ek sal jou vyande aan jou onderwerp.”

²As die Here die septer, simbool van u mag, uit Sion aan u oorhandig, heers dan oor u vyande!

³U volk is gereed vir die dag waarop u u magte monster. U jongmanne is u krag as hulle teen dagbreek aantree, geklee vir die heilige stryd.

⁴Die Here het 'n eed afgelê en Hy sal dit nie herroep nie: “Jy sal altyd priester wees in die priesterorde van Melgisedek.”

⁵Die Here gee u die oorwinning, Hy verdelg konings die dag as Hy sy toorn laat losbreek.

⁶Hy straf die nasies, Hy verdelg hulle leiers, Hy laat die wêreld vol lê van hulle lyke.

⁷Die koning drink water uit die stroom langs die pad, hy sal die oorwinning behaal.

Psalms 111

Die werke van die Here is groot

¹Prys die Here! Met my hele hart wil ek die Here loof in die samekoms van die opregtes, in die gemeente.

²Die werke van die Here is groot, almal wat daarin vreugde vind, dink daaroor na.

³Sy daade is vol majesteit en luister, sy trou staan vir altyd vas.

⁴Hy sorg dat sy magtige daade nie vergeet word nie. Genadig en barmhartig is die Here.

⁵Hy voed dié wat Hom dien, Hy hou sy verbond altyd in stand.

⁶Hy het sy volk die krag van sy daade laat ervaar, Hy het aan hulle die land van ander nasies gegee.

⁷Wat Hy doen, getuig van trou en reg, al sy voorskrifte staan vas,

⁸hulle is vir altyd geldig, hulle is gegee in trou en regverdigheid.

⁹Hy het vryheid vir sy volk bewerk, sy verbond vir altyd ingestel. Sy Naam is heilig, dit wek ontsag.

¹⁰Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig. Die roem van die Here hou altyd stand.

Psalms 112

Die regverdige sal nooit wankel nie

¹Prys die Here! Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien, wat al sy vreugde vind in die geboorte van die Here.

²Sy nageslag is 'n sterk krag in die land, die geslag van die opregte word geseën:

³daar is oorvloed en rykdom in sy huis. Wat hy doen, is reg en blywend:

⁴hy laat sy lig in die donker uitstraal vir die opregtes, hy is genadig, barmhartig en regverdig.

⁵Dit is 'n goeie mens wat hom ontferm en wat uitleen en in al sy sake reg optree.

⁶Die regverdige sal nooit wankel nie, hy sal altyd onthou word.

⁷Vir slegte tyding is hy nie bevrees nie, hy is gerus, hy vertrou op die Here.

⁸Hy voel hom veilig, hy is nie bevrees nie: hy sal die neerlaag van sy vyande aanskou.

⁹Hy gee mildelik vir die armes. Wat hy doen, is reg en blywend. Hy geniet hoë aansien.

¹⁰Die goddelose sien dit en raak ontsteld, hy kners op sy tande van magteloosheid. Van die begeertes van die goddelose kom daar niks.

Psalms 113

Prys die Here!

¹Prys die Here! Prys, dienaars van die Here, prys die Naam van die Here!

²Die Naam van die Here moet geloof word, nou en vir altyd.

³Van waar die son opkom tot waar dit ondergaan, moet die Naam van die Here geprys word!

⁴Hoog bo al die nasies heers die Here, sy mag strek selfs oor die hemele.

⁵⁻⁶Wie in die hemel of op die aarde is soos die Here ons God, wat hoog woon en hier onder alles sien?

⁷Die geringe help Hy op uit die stof, die arme laat Hy van die ashoop af opstaan

⁸om hom by vernames te laat sit, by die vernames van sy volk.

⁹Aan die kinderlose skenk Hy 'n huisgesin, sy word 'n gelukkige moeder van kinders. Prys die Here!

Psalms 114

Die aarde moet bewee as die Here verskyn

¹Toe Israel uit Egipte getrek het, toe die nageslag van Jakob getrek het, weg van die volk met die onverstaanbare taal af,

²het Juda sy gewyde besit geword en Israel sy magsgebied.

³Die see het dit gesien en op die vlug geslaan, die Jordaan het teruggedraai,

⁴die berge het rondgesprong soos ramme, die rante soos lammers.

⁵Wat is dit met jou, see, dat jy op die vlug slaan, wat is dit, Jordaan, dat jy terugdraai,

⁶berge, dat julle soos ramme rondsprong, en julle, rante, soos lammers?

⁷Bewe, aarde, as die Here verskyn, as die God van Jakob verskyn,

⁸Hy wat rots in waterkuile verander, harde klip in fonteine.

Psalms 115

Aan u Naam kom die eer toe

¹Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys.

²Waarom sou die heidene kan sê: “Waar is hulle God nou?”

³En dit terwyl ons God in die hemel is! Alles wat Hy wil, doen Hy.

⁴Wat hulle het, is afgode, van silwer en goud, die werk van mensehande.

⁵'n Mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie;

⁶ore het hulle, maar hoor kan hulle nie; 'n neus het hulle, maar ruik kan hulle nie.

⁷Hulle hande, daarmee kan hulle nie voel nie, hulle voete, daarmee kan hulle nie loop nie. Daar kom geen geluid uit hulle keel nie.

⁸Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word.

⁹Israel, vertrou op die Here! Hy help en beskerm jou.

¹⁰Huis van Aäron, vertrou op die Here! Hy help en beskerm jou.

¹¹Julle wat die Here dien, vertrou op die Here! Hy help en beskerm julle.

¹²Die Here dink aan ons: Hy seën, Hy seën die huis van Israel, Hy seën die huis van Aäron,

¹³Hy seën dié wat Hom dien, klein en groot.

¹⁴Mag die Here julle talryk maak, julle én julle kinders.

¹⁵Mag die Here julle seën, Hy wat hemel en aarde gemaak het.

¹⁶Die hemel is net vir die Here, maar die aarde het Hy aan die mense gegee.

¹⁷Nie die dooies prys die Here nie, nie dié wat die graf in is nie,

¹⁸maar óns, ons prys die Here, nou en vir altyd! Prys die Here!

Psalms 116

Ek het die Here lief

¹Ek het die Here lief, want Hy verhoor my smeekgebede.

²Hy het na my geluister toe ek Hom aangeroep het.

³Bande van die dood het my omsluit, doodsangs het my aangegryp, ek het benoud en bekommerd geword.

⁴Toe het ek die Naam van die Here aangeroep: “Here, red my tog!”

⁵Die Here is genadig en regverdig, ons God ontferm Hom oor ons.

- ⁶Die Here beskerm die hulpeloses: ek was magteloos, maar Hy het my gered.
- ⁷Ek moet nou tot rus kom, die Here het goed aan my gedoen:
- ⁸U het my van die dood gered, U het 'n einde gemaak aan my trane, U het gesorg dat ek nie weer struikel nie.
- ⁹Ek kon voor die Here bly wandel in die land van die lewendes.
- ¹⁰Ek het in U bly glo, selfs toe ek gedink het dit is klaar met my
- ¹¹en toe ek in my vertwyfeling besef het: ek kan op geen mens staat maak nie.
- ¹²Hoe sal ek die Here vergoed vir al sy weldade aan my?
- ¹³Met 'n drankoffer sal ek van sy redding getuig en die Naam van die Here aanroep.
- ¹⁴My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk.
- ¹⁵Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.
- ¹⁶Ek is u dienaar, Here, van my geboorte af is ek al u dienaar: U het my vry gemaak.
- ¹⁷Ek wil U loof met 'n dankoffer, ek wil die Naam van die Here aanroep.
- ¹⁸My geloftes aan die Here sal ek betaal in die teenwoordigheid van sy hele volk,
- ¹⁹in die voorhowe van die huis van die Here, binne-in jou, Jerusalem! Prys die Here!

Psalms 117

Sy liefde vir ons is sterk

- ¹Prys die Here, alle nasies, loof Hom, alle volke,
- ²want sy liefde vir ons is sterk, aan die trou van die Here is daar geen einde nie! Prys die Here!

Psalms 118

Die Here doen kragtige dade

- ¹Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie!
- ²Israel moet getuig: “Aan sy liefde is daar geen einde nie.”
- ³Die huis van Aäron moet getuig: “Aan sy liefde is daar geen einde nie.”
- ⁴Dié wat die Here dien, moet getuig: “Aan sy liefde is daar geen einde nie.”
- ⁵In my nood het ek na die Here geroep, die Here het my gebed verhoor en my bevry.
- ⁶Die Here is by my, ek ken geen vrees nie; wat kan 'n mens aan my doen?
- ⁷Die Here is by my, Hy help my: ek sal neerkyk op dié wat my haat.
- ⁸Om by die Here te skuil, is beter as om op mense te vertrou.
- ⁹Om by die Here te skuil, is beter as om op hoë mense te vertrou.
- ¹⁰Nasies het van alle kante af op my afgestorm. In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.
- ¹¹Hulle het my omsingel, my van alle kante bestorm. In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.
- ¹²Hulle het soos bye om my gepak, maar hulle het verdwyn soos doringtakke in 'n vuur. In die Naam van die Here het ek hulle aanval afgeslaan.
- ¹³My vyande wou my platloop en my ondergang bewerk, maar die Here het my gehelp.
- ¹⁴Die Here is my krag en my beskerming. Dit is Hy wat my gered het!
- ¹⁵Hoor die gejuig in die laer van die oorwinnaars: “Die Here doen kragtige daade,
- ¹⁶die Here triomfeer, die Here doen kragtige daade! ”
- ¹⁷Ek sal nie sterwe nie, ek sal lewe en van die daade van die Here getuig.
- ¹⁸Die Here het my swaar gekasty, maar my nie aan die dood oorgegee nie.
- ¹⁹Maak die tempelpoort vir my oop: ek wil ingaan en die Here loof.
- ²⁰Dit is die poort na die Here toe; regverdiges mag daardeur ingaan.

²¹Ek wil U loof omdat U my gebed verhoor en my gered het.

²²Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.

²³Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë!

²⁴Dit is die dag wat die Here gemaak het; laat ons daarvoor juig en bly wees.

²⁵Red tog, Here, gee tog voorspoed, Here!

²⁶Prys hom wat in die Naam van die Here kom! Ons seën julle uit die huis van die Here.

²⁷Die Here is God; Hy skenk ons die lewe. Begin die fees! Wuif met takke! Gaan tot by die horings van die altaar.

²⁸U is my God, U wil ek loof; my God, u grootheid wil ek besing.

²⁹Loof die Here, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.

Psalms 119

U woord vergeet ek nie

¹Dit gaan goed met dié wat onberispelik lewe, dié wat wandel volgens die woord van die Here.

²Dit gaan goed met dié wat sy verordeninge gehoorsaam, dié wat met hulle hele hart sy wil doen,

³geen onreg pleeg nie en in sy weë wandel.

⁴U het u bevele gegee dat dit ten volle uitgevoer moet word.

⁵As ek tog maar net op 'n vaste koers kan bly en my aan u voorskrifte kan hou!

⁶As ek al u gebooie in ag neem, sal ek nooit raad-op wees nie.

⁷U bepalings is regverdig; as ek hulle ter harte neem, sal ek U loof met 'n opregte hart.

⁸Ek sal my aan u voorskrifte hou: moet my tog nooit verlaat nie.

⁹Hoe kan 'n jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u woord!

- ¹⁰Ek wil aan U gehoorsaam wees met my hele hart, laat my nie afwyk van u gebooie nie.
- ¹¹Aan u beloftes hou ek vas, dit weerhou my van sonde teen U.
- ¹²Aan U kom die lof toe, Here, leer my u voorskrifte.
- ¹³Al u bepalings wil ek een vir een opnoem.
- ¹⁴Om volgens u verordeninge te lewe, gee my meer vreugde as al die rykdom van die wêreld.
- ¹⁵U bevele bly my altyd by. Ek gee ag op die pad wat U aanwys.
- ¹⁶Ek verlustig my in u voorskrifte, u woord vergeet ek nie.
- ¹⁷Doen goed aan u dienaar, dan sal ek lewe en u woord gehoorsaam.
- ¹⁸Maak my oë oop dat ek die kragtige werking van u wet ervaar.
- ¹⁹Hier op aarde is ek net op u beskerming aangewese: laat my tog nie sonder u gebooie wees nie.
- ²⁰Ek kwyn weg van verlange na u bepalings.
- ²¹U straf die hovaardiges, die vervloektes wat van u gebooie afwyk.
- ²²Keer tog dat ek nie beledig of gesmaad word nie, want ek kom u verordeninge na.
- ²³Selfs al smee mense wat mag het, komplotte teen my, ek sal my hou aan wat U neergelê het.
- ²⁴U verordeninge is my vreugde, hulle is my raadgewers.
- ²⁵Ek verkeer in doodsgevaar, gee my nuwe lewe soos U in u woord beloof het.
- ²⁶Ek het my lewensloop aan U bekend gemaak en U het my gebed verhoor; leer my u voorskrifte.
- ²⁷Leer my hoe om u bevele uit te voer. Ek wil van u magtige dade vertel.
- ²⁸Ek kwyn weg van kommer, skenk my krag soos U in u woord beloof het.
- ²⁹Hou valsheid ver van my af, wees my genadig, leer my u wet.

- ³⁰Ek kies die betroubare pad, ek lewe volgens u bepalings.
- ³¹Ek hou vas aan u verordeninge, Here, moet tog nie dat my lewe 'n teleurstelling word nie.
- ³²Ek is gretig om u gebooie te gehoorsaam, want U verryk my lewe.
- ³³Here, leer my hoe om u voorskrifte uit te voer, sodat ek my tot die einde toe daaraan kan hou.
- ³⁴Gee my insig, dat ek u wet kan gehoorsaam en dit met my hele hart kan onderhou.
- ³⁵Laat my wandel volgens u gebooie, want daarin vind ek vreugde.
- ³⁶U verordeninge, laat dié my na aan die hart lê, nie die begeerte om myself te verryk nie.
- ³⁷Weerhou my van 'n nuttelose lewe, laat my leef op die weg wat U aanwys.
- ³⁸Vervul ook aan my die belofte wat U gegee het aan dié wat U dien.
- ³⁹Die venyn van mense, daarvoor is ek bang, moenie dat dit my tref nie. Maar u bepalings, dié is goed.
- ⁴⁰Ek wil u bevele nakom. Hou my in die lewe, want U is getrou.
- ⁴¹Bewys aan my u troue liefde, Here, red my volgens u belofte.
- ⁴²Dan sal ek dié wat my vals beskuldig, kan antwoord, want ek vertrou op u woord.
- ⁴³Weerhou my tog van alles wat onwaar is. In u bepalings stel ek my vertrou.
- ⁴⁴Ek wil u wet my hele lewe lank onderhou.
- ⁴⁵My lewe sal veilig wees, want ek vra steeds wat u bevele is.
- ⁴⁶Selfs voor die hoogste gesag sal ek u verordeninge met vrymoedigheid aanhaal.
- ⁴⁷In u gebooie, wat ek liefhet, sal ek my verlustig.

- ⁴⁸Op u gebooie, wat ek liefhet, sal ek al my hoop vestig. U voorskrifte sal my bybly.
- ⁴⁹Onthou tog u woord aan my, die woord waarop U my laat hoop het.
- ⁵⁰Dit is my troos in my ellende: dat u belofte my in die lewe hou.
- ⁵¹Ek moes die felle spot van hovaardige mense verduur, maar van u wet het ek nie afgewyk nie.
- ⁵²Ek onderhou u bepalings van altyd af, Here: dit gee my vertrou.
- ⁵³Ontsteltenis het my oorval oor die goddeloses wat u wet verontagsaam.
- ⁵⁴U voorskrifte is vir my 'n lied in my lewe hier op aarde.
- ⁵⁵Selfs in die nag dink ek aan U, Here, en is ek gehoorsaam aan u wet.
- ⁵⁶Om u bevele uit te voer, is vir my die lewe.
- ⁵⁷Ek het gesê: “Dit is my lewe, Here, om u woord te gehoorsaam.”
- ⁵⁸Ek smee U met my hele hart: “Wees my genadig, soos U beloof het.
- ⁵⁹Ek het die koers van my lewe oordink en na u verordeninge teruggekeer.
- ⁶⁰Ek talm nie, ek haas my om u gebooie te onderhou.”
- ⁶¹Die goddeloses wou my in hulle strikke kry, maar ek het u wet nie verontagsaam nie.
- ⁶²Selfs in die middel van die nag staan ek op om U te loof vir u regverdige bepalings.
- ⁶³Ek is 'n vriend van almal wat U dien en u bevele gehoorsaam.
- ⁶⁴Die aarde is vol van u troue liefde, Here. Leer my u voorskrifte.
- ⁶⁵U het aan my goed gedoen, Here, soos U beloof het.
- ⁶⁶Gee my goeie insig en kennis, want ek stel my vertrou in u gebooie.
- ⁶⁷Voordat ek swaargekry het, het ek gedwaal, maar nou hou ek my aan u woord.
- ⁶⁸U is goed en U doen goed; leer my u voorskrifte.

⁶⁹Hovaardige mense beswadder my, maar ek voer u bevele uit met my hele hart.

⁷⁰Hulle staan koud teenoor u wet, maar ék verlustig my daarin.

⁷¹Dit is vir my goed dat ek swaargekry het, want daardeur het ek u voorskrifte geleer.

⁷²U wet is vir my kosbaarder as 'n oorvloed van goud en silwer.

⁷³Met u eie hande het U my gemaak, my gevorm; gee my insig, dat ek u gebooie kan verstaan.

⁷⁴Dié wat U dien, is bly as hulle my sien, want ek vertrou op u woord.

⁷⁵Ek weet, Here, dat u bepalings regverdig is. Dat U my laat swaarkry, is 'n teken van u trou.

⁷⁶Gee tog vir my uitkoms deur u troue liefde, soos U my beloof het.

⁷⁷Ontferm U oor my, dat ek kan lewe, want ek verlustig my in u wet.

⁷⁸Laat die hovaardige mense die slegste daarvan afkom, want hulle het my vals beskuldig; u bevele bly my altyd by.

⁷⁹Laat dié wat U dien en u verordeninge ken, aan my kant wees.

⁸⁰Laat my volledig by u voorskrifte bly, sodat ek nooit raad-op sal wees nie.

⁸¹Ek smag na u redding, ek vertrou op u woord.

⁸²Ek sien verlangend uit na die vervulling van u belofte en vra: “Wanneer gee U tog vir my uitkoms? ”

⁸³Ek het verskrompel soos 'n velsak in die rook, maar u voorskrifte het ek nie verontagsaam nie.

⁸⁴Hoe lank moet ek nog so lewe? Wanneer straf U my vervolgers?

⁸⁵Die hovaardiges, wat nie volgens u wet lewe nie, het vir my meer as een keer 'n gat gegrawe om in te val.

⁸⁶Op al u gebooie kan ek my verlaat. Help my, want dié mense vervolg my sonder rede.

- ⁸⁷Hulle het my byna van die aarde af laat verdwyn, maar u bevele het ek nie verontagsaam nie.
- ⁸⁸Hou my in die lewe omdat U my liefhet, dan sal ek u onderwysing gehoorsaam.
- ⁸⁹U woord, Here, staan vir altyd vas in die hemel.
- ⁹⁰U trou is van geslag tot geslag; U het die aarde gemaak, en dit staan vas.
- ⁹¹Ja, wat U bepaal het, staan vandag nog vas, alles is aan U onderworpe.
- ⁹²As ek my nie in u wet verlustig het nie, het ek omgekom in my ellende.
- ⁹³Ek sal u bevele nooit verontagsaam nie, want deur hulle het U my in die lewe gehou.
- ⁹⁴Ek behoort aan U, red my, want ek vra steeds wat u bevele is.
- ⁹⁵Al staan die goddeloses gereed om my te vernietig, u verordeninge sal ek in ag bly neem.
- ⁹⁶Ek het ondervind dat alle volmaaktheid perke het, net u gebod het geen begrensing nie.
- ⁹⁷Hoe lief het ek u wet! Dit bly my elke oomblik by.
- ⁹⁸U gebooie gee my meer insig as wat my vyande het, en is altyd by my.
- ⁹⁹Ek munt uit bo al my leermeesters, want u verordeninge bly my by.
- ¹⁰⁰Ek het meer insig as ouer mense, want ek gehoorsaam u bevele.
- ¹⁰¹Ek het my voete van elke verkeerde pad af gehou sodat ek gehoorsaam kan wees aan u woord.
- ¹⁰²Van u bepalings het ek nie afgewyk nie, want U het my dit geleer.
- ¹⁰³Hoe aangenaam is u woord, soeter as heuning in die mond.
- ¹⁰⁴U bevele gee my insig, daarom haat ek elke verkeerde pad.
- ¹⁰⁵U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

- 106 Ek het 'n eed afgelê, en daarby sal ek bly, om my aan u bepalings te hou; hulle is regverdig.
- 107 Ek ly swaar, Here, hou my in die lewe, soos U beloof het.
- 108 Neem tog my dank aan, Here. Leer my u bepalings.
- 109 My lewe is gedurig in gevaar, maar u wet verontagsaam ek nie.
- 110 Die goddeloses stel vir my 'n strik, maar van u bevele wyk ek nie af nie.
- 111 U verordeninge maak ek altyd my eie, want hulle is vir my 'n vreugde.
- 112 Ek lê my daarop toe om u voorskrifte altyd uit te voer, tot die einde toe.
- 113 Ek haat huigelary, maar u wet het ek lief.
- 114 By U skuil ek, U beskerm my, in u woord stel ek my vertrou.
- 115 Gaan weg van my af, julle wat onreg doen; ek sal aan die gebooie van my God gehoorsaam bly.
- 116 Laat my vas staan soos U beloof het, dat ek kan lewe, dat ek nie teleurgestel sal wees in my verwagting nie.
- 117 Beskerm my, dan sal ek behoue bly en u voorskrifte gedurig voor oë hou.
- 118 U verwerp almal wat van u voorskrifte afdwaal; met hulle ontrou mislei hulle hulleself.
- 119 U verwyder al die goddeloses van die aarde af soos waardelose skuim, daarom het ek u verordeninge lief.
- 120 Ek sidder van vrees vir U, ek het diepe ontsag vir u bepalings.
- 121 Ek het gedoen wat reg en regverdig is, moet my tog nie oorgee aan die genade van dié wat my veronreg nie.
- 122 Tree tog vir my in dat dit met my goed kan gaan, moenie toelaat dat hovaardige mense my verdruk nie.
- 123 Ek smag na die bevryding wat U bring, na u woord wat my red.
- 124 Handel met my volgens u troue liefde, leer my u voorskrifte.

- ¹²⁵Ek is u dienaar: onderrig my tog in u verordeninge.
- ¹²⁶Dit is tyd dat die Here ingryp teen dié wat sy wet oortree.
- ¹²⁷Ek het u gebooie liefier as goud, as fyn goud.
- ¹²⁸Daarom leef ek nougeset volgens al u bevele en haat ek elke verkeerde pad.
- ¹²⁹U verordeninge is wonderlik, daarom kom ek hulle na.
- ¹³⁰Wanneer u woord vir mense oopgaan, bring dit lig; dit gee insig aan dié wat nog onervare is.
- ¹³¹Met my hele wese smag ek na u gebooie, verlang ek daarna.
- ¹³²Sien my in genade aan soos U altyd doen vir dié wat u Naam liefhet.
- ¹³³Laat u woord my op die regte pad hou; moet tog nie dat enige kwaad die oorhand oor my kry nie.
- ¹³⁴Bevry my van veronregting deur mense. Ek wil u bevele gehoorsaam.
- ¹³⁵Verskyn tog tot my redding, leer my u voorskrifte.
- ¹³⁶My tranes vloei sonder ophou omdat die mense u wet nie onderhou nie.
- ¹³⁷U is regverdig, Here, wat U bepaal, is reg.
- ¹³⁸In groot regverdigheid en trou het U u verordeninge uitgevaardig.
- ¹³⁹Ontsteltenis verteer my omdat my teëstanders u woord verontagsaam.
- ¹⁴⁰U woord is baie suiwer, ek het dit lief.
- ¹⁴¹Al is ek gering en verag, u bevele verontagsaam ek nie.
- ¹⁴²U is altyd getrou en regverdig, u wet staan altyd vas.
- ¹⁴³Al oorval angs en benoudheid my, in u gebooie bly ek my verlustig.
- ¹⁴⁴U verordeninge is altyd regverdig; gee my insig daarin, dat ek kan lewe.
- ¹⁴⁵Ek roep na U met my hele hart, verhoor tog my gebed, Here, ek wil u voorskrifte nakom.
- ¹⁴⁶Ek roep na U, red my, ek wil u verordeninge gehoorsaam.

- 147 In die oggendskemer al roep ek om hulp en stel ek my vertrouwe in u woord.
- 148 Die hele nag lê ek wakker en oorpeins ek u woord.
- 149 Handel volgens u liefde, Here, luister tog na my. Laat u bepalings geld, hou my in die lewe.
- 150 Dié wat my met soveel lis vervolg, kom steeds nader, maar van u wet af bly hulle ver.
- 151 U is by my, Here, alles wat U gebied het, staan vas.
- 152 Van lankal af weet ek van u verordeninge dat U hulle altyd vas laat staan.
- 153 Aanskou tog my ellende en red my, want u wet het ek nie verontagsaam nie.
- 154 Behartig tog my saak en bevry my, hou my in die lewe volgens u belofte.
- 155 Vir die goddeloses is daar nie uitkoms nie, want hulle steur hulle nie aan u voorskrifte nie.
- 156 U barmhartigheid is groot, Here, laat u bepalings geld, hou my in die lewe.
- 157 Ek het baie vervolgers en teëstanders, maar van u verordeninge wyk ek nie af nie.
- 158 Ek het die verraad van die ontroues gesien, en dit het my met walging vervul dat hulle u woord nie gehoorsaam nie.
- 159 Neem tog in ag dat ek u bevele liefhet, Here, hou my in die lewe omdat U my liefhet.
- 160 Op u woord kan 'n mens hom geheel en al verlaat. Al u bepalings is regverdig. Hulle staan vas.
- 161 Maghebbers vervolg my sonder oorsaak, maar u woord is die enigste wat ek vrees.
- 162 Oor u woord is ek so bly soos iemand wat 'n groot skat in die hande gekry het.
- 163 Ek haat en verafsku leuens, maar u wet het ek lief.
- 164 Ek loof U soveel keer elke dag oor u bepalings. Hulle is regverdig.

¹⁶⁵Vir dié wat u wet liefhet, is daar groot sekerheid; niks kan hulle laat struikel nie.

¹⁶⁶Ek vestig my hoop op hulp van U, Here, u gebooie gehoorsaam ek.

¹⁶⁷Ek kom u verordeninge na, ek het hulle baie lief.

¹⁶⁸U bevele en verordeninge gehoorsaam ek. My hele lewe lê oop voor U.

¹⁶⁹Gee tog ag op my geroep, Here, gee my insig soos U beloof het.

¹⁷⁰Luister tog na my smeekgebed, red my volgens u belofte.

¹⁷¹Die lof sal oor my lippe stroom, want U leer my u voorskrifte.

¹⁷²Ek sal u woord besing, want al u gebooie is regverdig.

¹⁷³Help my tog altyd, want ek stel u bevele eerste.

¹⁷⁴Ek smag na u hulp, Here, in u wet vind ek my vreugde.

¹⁷⁵Laat my lewe dat ek U kan loof, laat u bepalings my steun wees.

¹⁷⁶As ek sou rondwaal soos 'n skaap wat weggeraak het, soek my dan, want u gebooie het ek nie verontagsaam nie.

Psalms 120

Ek het vrede begeer

¹'n Pelgrimslied. In my nood het ek na die Here geroep en Hy het my gebed verhoor.

²Red my uit die mag van leuenaars, Here, uit die mag van bedrieërs.

³Wat sal God aan jou doen, jou bedrieër? Hoe sal Hy teen jou optree?

⁴Hy sal jou tref met die skerp pyle van 'n krygsman, met gloeiende kole.

⁵Hoe ellendig was dit toe ek as vreemdeling in Mesek gewoon het en tussen die inwoners van Kedar gebly het!

⁶Te lank moes ek woon by mense wat vrede haat.

⁷Ek het vrede begeer, maar sodra ek iets gesê het, was hulle op oorlog uit!

Psalms 121

My hulp kom van die Here

- ¹'n Pelgrimslied. Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?
- ²My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.
- ³Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.
- ⁴Waarlik, die Beskermmer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.
- ⁵Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.
- ⁶Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.
- ⁷Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm.
- ⁸Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.

Psalms 122

Bid dat Jerusalem vrede mag hê

- ¹'n Pelgrimslied. Van Dawid. Ek was bly toe hulle vir my gesê het: “Kom ons gaan na die huis van die Here toe.”
- ²En nou is ons hier binne-in jou, Jerusalem!
- ³Jerusalem is die stad wat stewig gebou is,
- ⁴waarheen die stamme kom, die stamme van die Here. Dit is 'n voorskrif vir Israel om die Naam van die Here hier te loof.
- ⁵Hier word reg gespreek, hier lewer die koning sy uitsprake, die koning uit die geslag van Dawid.
- ⁶Bid dat Jerusalem vrede mag hê, dat hulle wat hom liefhet, rustig mag woon.
- ⁷Mag daar vrede wees binne jou mure, rus in jou wonings.
- ⁸Ter wille van my broers en my vriende wens ek jou vrede toe.
- ⁹Ter wille van die huis van die Here ons God bid ek dat dit met jou goed sal gaan.

Psalms 123

Ek sien na U op

¹n Pelgrimslied. Ek sien na U op, U wat uit die hemel heers.

²Soos die oë van 'n slaaf gerig is op die hand van sy eienaar, soos die oë van 'n slavin gerig is op die hand van haar eienares, so is ons oë gerig op die Here ons God, totdat Hy Hom oor ons ontferm.

³Ontferm U oor ons, Here, ontferm U oor ons, want ons het meer as genoeg veragting gehad,

⁴meer as genoeg spot van oormoedige mense, veragting van hovaardiges.

Psalms 124

As die Here ons nie gehelp het nie

¹n Pelgrimslied. Van Dawid. As die Here ons nie gehelp het nie, dit moet Israel bely,

²as die Here ons nie gehelp het toe mense ons aangeval het nie,

³dan het hulle ons lewendig verslind toe hulle woede teen ons ontvlam het;

⁴dan het die waters ons weggespoel en die vloed ons oorweldig;

⁵dan het die skuimende waters ons oorweldig.

⁶Aan die Here kom die lof toe: Hy het nie toegelaat dat ons hulle prooi word nie.

⁷Ons is bevry soos 'n voël uit die wip van 'n voëlvanger; die wip het gebreek en ons was vry!

⁸Ons hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

Psalms 125

Die Here beskerm sy volk

¹n Pelgrimslied. Dié wat op die Here vertrou, is soos Sionsberg wat nie wankel nie en altyd vas bly staan.

²Soos die berge Jerusalem aan alle kante beskerm, so beskerm die Here sy volk, nou en vir altyd.

³Oor die grondgebied van die regverdiges sal 'n goddelose nie die mag kry nie, sodat die regverdiges nie in misdaad verval nie.

⁴Here, doen goed aan dié wat goed is, die opregtes van hart!

⁵Maar dié wat die verkeerde pad loop, mag die Here hulle vernietig saam met dié wat onreg doen. Mag daar vir Israel vrede wees!

Psalms 126

Verander tog ons lot, Here!

¹'n Pelgrimslied. Toe die Here die lot van Sion verander het, was dit vir ons soos 'n droom.

²Ons het gelag en gesing. Onder die nasies het hulle gesê: “Die Here het groot dinge aan hierdie mense gedoen.”

³Die Here hét groot dinge aan ons gedoen; ons was bly.

⁴Verander tog ook nou ons lot, Here, soos U droë spruite in die Suidland in waterstrome verander.

⁵Wie met trane saai, sal die oes met gejuig inbring.

⁶Al loop hy en huil terwyl hy die saaisak dra, hy kom juigend terug terwyl hy sy gerwe dra.

Psalms 127

As die Here die huis nie bou nie

¹'n Pelgrimslied. Van Salomo. As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou, tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm, tevergeefs.

²Tevergeefs dat julle vroeg opstaan en laat gaan slaap om met moeite 'n bestaan te maak. Vir dié wat Hy liefhet, gee die Here dit in hulle slaap.

³Seuns is geskenke van die Here, kinders word deur Hom gegee.

⁴Soos pyle in die hand van 'n krygsman, so is seuns wat gebore is toe hulle vader nog jonk was.

⁵Dit gaan goed met die man wat sy pylkoker so gevul het! Sulke mense het niks te vrees as hulle met die vyand in die stadspoort onderhandel nie.

Psalms 128

Die vrug van jou arbeid sal jy geniet

¹'n Pelgrimslied. Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien en sy wil doen.

²Die vrug van jou arbeid sal jy geniet, gelukkig en voorspoedig sal jy wees.

³Jou vrou is in jou huis soos 'n vrugbare wingerdstok, jou seuns is rondom jou tafel soos jong olyfboompies!

⁴Kyk, so word die man geseën wat die Here dien.

⁵Mag die Here jou seën uit Sion, dat jy die voorspoed van Jerusalem kan aanskou al die dae van jou lewe,

⁶en dat jy jou kindskinders mag sien. Mag daar vir Israel vrede wees!

Psalms 129

Die Here het die bande losgesny

¹'n Pelgrimslied. Hulle het my van jongs af swaar verdruk, dit moet Israel sê,

²hulle het my van jongs af swaar verdruk, maar hulle kon my nie onderkry nie.

³Hulle het van my rug 'n ploegland gemaak en daar lang vore op getrek.

⁴Die Here is regverdig, Hy het die bande losgesny waarmee die goddeloses my gebind het.

⁵Mag almal wat vir Sion haat, self tot niet gaan,

⁶mag hulle wees soos gras op 'n dak: dit verdroog nog voor dit behoorlik uitgespruit het

⁷en daar is niks om af te sny en in bondels weg te dra nie.

⁸Niemand wat daar verbygaan, sal die groet: “Die Here het julle geseën, ons seën julle in die Naam van die Here,” kan uitspreek nie.

Psalms 130

Ek wag op die Here

- ¹'n Pelgrimslied. Uit die dieptes roep ek na U, Here,
²luister tog na my, Here, hoor tog my hulpgeroep.
³As U ons sondes in aanmerking sou neem, Here, wie sou dan nog bestaan?
⁴Maar by U is daar vergifnis: daarom word U steeds gedien.
⁵Ek stel my vertrouwe in die Here, ek vertrou op Hom, ek wag op die vervulling van sy woord.
⁶Ek wag op die Here meer as wat die wagte op die môre wag, wagte op die môre.
⁷Wag op die Here, Israel, want by die Here is daar troue liefde, by Hom is die verlossing seker.
⁸Hy alleen sal Israel verlos van al sy sondes.

Psalms 131

Ek het rus gevind

- ¹'n Pelgrimslied. Van Dawid. Selfverheffing en hoogmoed is daar nie by my nie, Here. Ek maak my nie besorg oor groot dinge nie, dinge wat bo my vermoë is.
²Ek het rus en kalmte gevind. Soos 'n kindjie wat by sy moeder tevredenheid gevind het, so het ek tevredenheid gevind.
³Wag op die Here, Israel, nou en vir altyd.

Psalms 132

Die Here het 'n eed teenoor Dawid afgelê

- ¹'n Pelgrimslied. Dink tog aan Dawid, Here, aan alles wat hy deurgemaak het,
²aan die eed wat hy teenoor die Here afgelê het, sy gelofte aan die magtige God van Jakob:
³“Ek sal nie in my slaapkamer ingaan nie en nie op die bed wat vir my reggemaak is, gaan lê nie,

- ⁴Ek sal my geen slaap gun nie, en sal nie eens insluimer nie,
- ⁵totdat ek 'n plek vir die Here gereed gemaak het, 'n woning vir die magtige God van Jakob! ”
- ⁶Ons het van die verbondsark gehoor in Efrata, ons het dit gevind in die Jaärsveld.
- ⁷Kom ons gaan sy woning binne, kom ons buig daar in aanbidding voor Hom.
- ⁸Kom na u rusplek toe, Here, U en die ark, die teken van u mag.
- ⁹Gee aan u priesters die oorwinning, laat u troue dienaars juig.
- ¹⁰Ter wille van u dienaar Dawid, moet tog nie u gesalfde verstoot nie.
- ¹¹Die Here het 'n eed teenoor Dawid afgelê, en dit staan vas, Hy sal daarvan nie afwyk nie: “Ek sal een van jou eie seuns in jou plek laat koning word.
- ¹²As jou nakomelinge hulle aan my verbond hou en aan die verordeninge wat Ek hulle leer, sal ook hulle seuns vir altyd op jou troon heers.”
- ¹³Ja, die Here het Sion gekies en dit vir Hom as woning begeer:
- ¹⁴“Dit is my rusplek vir altyd; hier wil Ek woon, dit is my begeerte.
- ¹⁵Ek sal Sion ryklik seën met wat hy nodig het, aan sy armes voedsel in oorvloed skenk.
- ¹⁶Ek sal aan sy priesters die oorwinning gee en my troue dienaars sal juig.
- ¹⁷Daar sal Ek die heerskappy vir Dawid vestig, vir my gesalfde 'n nageslag op die troon verseker.
- ¹⁸Sy vyande sal Ek magteloos laat toekyk, maar sý kroon sal bly skitter.”

Psalms 133

As broers eensgesind saam woon

- ¹'n Pelgrimslid. Van Dawid. Hoe goed, hoe mooi is dit as broers eensgesind saam woon!
- ²Dit is soos reukolie wat van die kop af in die baard afloop, die baard van Aäron, af tot by die soom van sy klere.

³Dit is soos die dou van Hermonberg wat op die berge by Sion val. Waar broers so saam woon, skenk die Here sy seën: 'n lang, lang lewe.

Psalms 134

Kom, prys die Here!

¹'n Pelgrimslied. Kom, prys die Here, julle almal wat Hom dien, julle wat in die nag in die tempel van die Here staan!

²Hef julle hande in gebed op na die heiligdom en prys die Here!

³Mag die Here jou seën uit Sion, Hy wat hemel en aarde gemaak het.

Psalms 135

Alles wat die Here wil, doen Hy

¹Prys die Here, prys die Naam van die Here, prys Hom, dienaars van die Here,

²julle wat in die tempel van die Here staan, in die voorhowe van die tempel van ons God!

³Prys die Here, want die Here is goed, sing tot eer van sy lieflike Naam.

⁴Die Here het Jakob vir Hom gekies, Israel as die volk wat Syne is.

⁵Ek weet, die Here is groot, ons Here is verhewe bo al die gode.

⁶Alles wat die Here wil, doen Hy, in die hemel en op aarde, in die see, in al die oseane.

⁷Hy laat die wolke opkom oor die horison, Hy maak die weerligstrale vir die reën en bring die wind te voorskyn.

⁸Hy het die eersteling in Egipte getref, mense sowel as diere;

⁹Hy het oor jou, Egipte, groot en skrikwekkende dinge gebring, oor die farao en al sy amptenare;

¹⁰Hy het baie nasies verslaan en magtige konings laat sneuwel:

¹¹koning Sihon van die Amoriëte, koning Og van Basan, en al die konings in Kanaän.

¹²Hy het hulle land as geskenk aan Israel gegee, as geskenk aan sy volk.

- ¹³Here, U is altyd daar, U is daar van geslag tot geslag.
- ¹⁴Die Here behartig die regsak van sy volk: Hy ontferm Hom oor sy dienaars.
- ¹⁵Wat die nasies het, is afgode, van silwer en goud, die werk van mensehande;
- ¹⁶'n mond het hulle, maar praat kan hulle nie, oë het hulle, maar sien kan hulle nie;
- ¹⁷ore het hulle, maar hoor kan hulle nie, hulle haal nie asem nie.
- ¹⁸Wie hulle maak en op hulle vertrou, sal net soos hulle word.
- ¹⁹Huis van Israel, loof die Here, huis van Aäron, loof die Here,
- ²⁰huis van Levi, loof die Here, julle wat die Here dien, loof die Here!
- ²¹Aan die Here kom die lof uit Sion toe, aan Hom wat in Jerusalem woon! Prys die Here!

Psalms 136

Aan sy liefde is daar geen einde nie

- ¹Loof die Here, want Hy is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²Loof die oppermagtige God. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ³Loof die magtigste van alle maghebbers. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁴Hy het magtige dade gedoen, Hy alleen. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁵Hy het die hemel met soveel insig gemaak. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁶Hy het die aarde op die waters gevestig. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁷Hy het die groot hemelligte gemaak, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁸die son om te heers oor die dag, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ⁹die maan en die sterre om te heers oor die nag. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁰Hy het die Egiptenaars getref met die dood van hulle eersgeborenes Aan sy liefde is daar geen einde nie.

- ¹¹en Israel onder hulle uit gelei Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹²met sy groot mag en krag. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹³Hy het die Rietsee in twee gekloof Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁴en Israel daar deur laat trek, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁵maar die farao met sy leërmag in die Rietsee gestort. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁶Hy het sy volk deur die woestyn laat trek. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁷Hy het groot konings oorwin, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁸magtige konings laat sneuwel: Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ¹⁹koning Sihon van die Amoriëte, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²⁰koning Og van Basan. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²¹Hy het hulle land as geskenk gegee, Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²²as geskenk aan Israel, sy dienaar. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²³Hy het aan ons gedink in ons vernedering Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²⁴en ons uit die mag van ons teëstanders bevry. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²⁵Hy gee voedsel aan al wat lewe. Aan sy liefde is daar geen einde nie.
- ²⁶Loof die God van die hemel! Aan sy liefde is daar geen einde nie.

Psalms 137

As ek jou sou vergeet, Jerusalem

- ¹By die riviere van Babel, daar het ons gesit, en ons trane het gevloei as ons aan Sion dink.
- ²Aan die wilgerbome in daardie land het ons ons liere opgehang

³toe dié wat vir ons gevange weggevoer het, ons gevra het om 'n lied te sing, toe dié wat vir ons leed aangedoen het, van ons vrolikheid wou hê: “Sing vir ons 'n lied oor Sion! ”

⁴Hoe kan ons die lied van die Here sing in 'n vreemde land?

⁵As ek jou sou vergeet, Jerusalem, mag my regterhand dan verlam raak.

⁶Mag my tong aan my verhemelte vaskleef as ek aan jou nie dink nie, as Jerusalem nie my grootste vreugde bly nie.

⁷Onthou die Edomiete, Here, die dag toe Jerusalem ingeneem is, hoe hulle aangehou het met sê: “Breek af, breek af die stad tot op sy fondamente! ”

⁸Dat jy verwoes sal word, Babel, is seker. Gelukkig is die man wat jou terugbetaal vir wat jy ons aangedoen het!

⁹Gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen 'n klip verbrysel.

Psalms 138

Die Here is hoog verhewe

¹Van Dawid. Ek wil U met my hele hart loof. Laat die gode maar hoor; dit is tot u eer dat ek sing.

²Ek wil na u heilige tempel toe buig en u Naam roem om u liefde en trou, want U het u Naam en u woord bo alles gestel.

³Toe ek na U geroep het, het U my gebed verhoor en my nuwe krag gegee.

⁴Al die konings van die aarde sal U loof, Here, wanneer hulle u woord hoor,

⁵hulle sal sing oor wat die Here gedoen het, want die mag van die Here is groot.

⁶Ja, al is die Here hoog verhewe, Hy gee om vir die nederige, maar Hy sien van ver af deur die hoogmoedige.

⁷As die nood my oorval, hou U my in die lewe teen die woede van my vyande in: U strek u hand uit, u regterhand red my.

⁸Die Here sal vir my alles goed laat afloop. Aan u liefde, Here, is daar geen einde nie. Moet tog nie die werk van u hande laat vaar nie.

Psalms 139

U omsluit my van alle kante

- ¹Vir die koorleier. Van Dawid. 'n Psalm. Here, U sien dwarsdeur my, U ken my.
- ²Of ek sit en of ek opstaan, U weet dit, U ken my gedagtes nog voordat hulle by my opkom.
- ³Of ek reis en of ek oorbly, U bepaal dit, U is met al my paaie goed bekend.
- ⁴Daar is nog nie 'n woord op my tong nie of U, Here, weet wat dit gaan wees.
- ⁵U omsluit my van alle kante, U neem my in besit.
- ⁶Dié wete oorweldig my, dit is te hoog vir my begrip.
- ⁷Waarheen sou ek gaan om u Gees te ontvlug? Waarheen sou ek vlug om aan u teenwoordigheid te ontkom?
- ⁸Klim ek op na die hemel, is U daar, gaan lê ek in die doderyk, is U ook daar.
- ⁹Vlieg ek na die ooste, of gaan woon ek in die verre weste,
- ¹⁰ook daar lei u hand my, hou u regterhand my vas.
- ¹¹Ek sou die duisternis kon vra om my weg te steek, of die lig rondom my om in nag te verander,
- ¹²maar vir U is selfs die duisternis nie donker nie en die nag so lig soos die dag, duisternis so goed soos lig.
- ¹³U het my gevorm, my aanmekaargeweef in die skoot van my moeder.
- ¹⁴Ek wil U loof, want U het my op 'n wonderbaarlike wyse geskep. Wat U gedoen het, vervul my met verwondering. Dit weet ek seker:
- ¹⁵geen been van my was vir U verborge toe ek gevorm is waar niemand dit kon sien nie, toe ek aanmekaargeweef is diep in die moederskoot.
- ¹⁶U het my al gesien toe ek nog ongebore was, al my lewensdae was in u boek opgeskrywe nog voordat ek gebore is.
- ¹⁷Hoe wonderlik is u gedagtes vir my, o God, hoe magtig hulle almal!

¹⁸As ek hulle sou wou opnoem — hulle is meer as wat daar sand is, en as ek daarmee klaar is, sou ek nog steeds met U te doen hê.

¹⁹As U tog maar die goddelose uit die weg wou ruim, o God! Gaan weg van my af, julle moordenaars!

²⁰Dit is hulle wat bese planne teen U smee, wat so vals teen U optree.

²¹Moet ek u haters dan nie haat nie, Here, moet ek nie 'n weersin hê in mense wat teen U in opstand is nie?

²²Ek haat hulle met 'n uiterste haat, want hulle is ook my vyande.

²³Deurgrond my, o God, deurgrond my hart, ondersoek my, sien tog my onrus raak.

²⁴Kyk of ek nie op die verkeerde pad is nie en lei my op die beproefde pad!

Psalms 140

Die Here behartig die regsak van die hulpelose

¹Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid.

²Red my van mense wat sleg is, Here, beskerm my teen mense wat geweld pleeg,

³wat slegte dinge bedink en elke dag vyandskap aanblaas.

⁴Hulle tonge is so giftig soos slange, hulle woorde so venynig soos adders. *Sela*

⁵Hou my uit die mag van die goddeloses, Here, beskerm my teen mense wat geweld wil pleeg, wat planne maak om my uit die pad te kry.

⁶Hovaardige mense stel vir my strikke, hulle span toue om my te vang, hulle stel 'n valstrik op my pad. *Sela*

⁷Ek sê vir die Here: U is my God! Here, luister tog na my smeekgebed.

⁸O Here my God aan wie ek behoort, my kragtige Redder, U beskerm my wanneer die goddeloses my aanval.

⁹Moet tog nie dat hulle hulle sin kry nie, Here, moet tog nie dat hulle planne slaag nie. *Sela*

¹⁰Dié wat my van alle kante bedreig, verhef hulle teen U; laat hulle dreigemente hulleself tref.

¹¹Laat gloeiende kole op hulle val, gooi hulle in modderputte dat hulle nie weer daar uitkom nie.

¹²Laat daar geen skindertong in die land wees nie, laat onheil dié wat geweld pleeg, elke keer weer tref!

¹³Ek weet, die Here behartig die regsak van die hulpelose, Hy sorg vir die reg van die arme.

¹⁴Die regverdiges sal u Naam loof, die opregtes sal by U woon.

Psalms 141

Sit 'n wag voor my mond, Here!

¹'n Psalm van Dawid. Ek roep na U, Here, kom tog gou na my toe, luister tog na my, ek roep na U.

²Mag my gebed voor U wees soos 'n wierookoffer, die uitstrek van my hande soos 'n graanoffer in die aand.

³Sit 'n wag voor my mond, Here, hou tog wag oor wat ek sê.

⁴Hou my gedagtes weg van verkeerde dinge, dat ek nie in sonde verval saam met manne wat onreg doen nie, en dat ek nie deelneem aan hulle feeste nie.

⁵'n Regverdige kan my in liefde slaan en tereg wys, maar van die goddeloses sal ek nie eens gasvryheid aanvaar nie, want my gebede is gedurig teen hulle boosheid gerig.

⁶As hulle leiers van 'n krans afgegooi word, sal hulle my hoor sê: “Goed so!”

⁷Soos 'n land vol kluite lê as die ploë dit oopbreek, so sal hulle bene versprei lê by die bek van die doderyk.

⁸Op U, Here my God aan wie ek behoort, is my oë gerig, by U skuil ek, moenie dat my lewe wegwyn nie.

⁹Beskerm my teen die strik wat hulle vir my gestel het, teen die valstrikke van dié wat onreg doen.

¹⁰Laat die goddeloses gevang word in hulle eie nette, maar laat my ongedeerd verbykom.

Psalms 142

U weet wat ek moes deurmaak

¹'n Gedig van Dawid, na aanleiding van sy verblyf in die spelonk. 'n Gebed.

²Ek roep na die Here om hulp, ek smeeek die Here om genade,

³ek stort my klag voor Hom uit en vertel Hom van my nood.

⁴Ek het alle moed verloor, U weet wat ek moes deurmaak. Op die pad waar ek loop, het hulle vir my 'n strik gestel.

⁵Ek soek hulp, maar niemand wil help nie, daar is vir my geen vlugkans nie en niemand gee vir my om nie.

⁶Ek roep na U om hulp, Here, ek sê: “U is my toevlug, buiten U het ek geen deel in die land van die lewendes nie!

⁷Luister tog na my hulpgeroep, want ek is magteloos. Red my van my vervolgers, want hulle is te sterk vir my.

⁸Bevry my uit my gevangenskap, dat ek u Naam kan loof. Die regverdiges sal dankbaar om my kom staan wanneer U aan my goed doen.”

Psalms 143

Wys my die pad wat ek moet loop

¹'n Psalm van Dawid. Hoor my gebed, Here, luister tog na my smeking. U is getrou en regverdig, antwoord my tog!

²Moet tog nie 'n regsak teen my begin nie, want niemand wat leef, is voor U onskuldig nie!

³'n Vyand vervolg my, hy trap my in die grond, hy hou my gevange in die donker. Ek is soos iemand wat lankal dood is.

⁴Ek het alle moed verloor, ek is verslae.

⁵Ek dink aan die verre verlede, ek peins oor alles wat U gedoen het en oor die werk van u hande dink ek na.

⁶Ek strek my hande uit in gebed na U toe, ek is voor U soos 'n uitgedorde land. *Sela*

⁷Antwoord my tog gou, Here, ek is heeltemal gedaan. Moet tog nie van my af wegkyk dat ek word soos dié wat sterwe nie.

⁸Laat my elke môre u liefde ondervind, want in U stel ek my vertrouwe. Wys my die pad wat ek moet loop, want my hoop is op U gevestig.

⁹Red my van my vyande, Here, want by U skuil ek.

¹⁰Leer my om u wil te doen, want U is my God! Laat u goeie Gees my op 'n gelyk pad lei.

¹¹Ter wille van u Naam, Here, laat my lewe. U is regverdig, red my uit die nood.

¹²Vernietig in u trou my vyande, laat al my teëstanders omkom, want ek is u dienaar.

Psalms 144

U is my krag

¹Van Dawid. Geloof sy die Here, Hy is my rots. Hy leer my hande om oorlog te maak, my vingers om te veg.

²U is my krag en my skuilplek, my veilige vesting en my redder, my beskermmer by wie ek skuil, wat my volk aan my onderdanig maak.

³Here, wat is 'n mens dat U hom sou wil ken, 'n mensekind dat U aan hom sou dink?

⁴'n Mens, hoe verganklik is hy tog: sy dae gaan soos 'n skaduwee verby.

⁵Buig u hemele, Here, en daal neer, raak die berge aan dat hulle rook!

⁶Laat die weerligstrale blits en jaag die vyande uitmekaar, stuur u pyle en jaag hulle op loop!

⁷Strek u hand van bo af uit, bevry my, red my uit die geweldige waters, uit die mag van vreemdelinge

⁸wie se woorde en daade leuens en bedrog is.

⁹Ek wil tot u eer 'n nuwe lied sing, o God, tot u eer wil ek sing met begeleiding van die lier,

¹⁰U wat aan konings die oorwinning skenk, wat u dienaar Dawid red.

¹¹Red my van die swaard wat my bedreig, bevry my uit die mag van vreemdelinge wie se woorde en daade leuens en bedrog is.

¹²Mag ons seuns wees soos plante wat hoog groei in hulle jeug, ons dogters soos hoekpilare, uitgebeitel soos vir 'n paleis.

¹³Mag ons skure vol wees en oorloop van kant tot kant. Mag ons kleinvee in hulle duisende aanteel, in hulle tienduisende vermenigvuldig op ons weivelde.

¹⁴Mag ons beestrop 'n groot kalweroes lewer. Mag ons nooit oorval en weggevoer word nie, mag daar geen klaagkreet op ons pleine gehoor word nie.

¹⁵Gelukkig is die volk met wie dit so gaan. Dit gaan goed met die volk wie se God die Here is!

Psalms 145

Ek wil getuig van u magtige daade

¹'n Loflied van Dawid. Ek wil u lof verkondig, my God en Koning, ek wil u Naam altyd loof.

²Elke dag wil ek U loof, ek wil u Naam altyd prys.

³Die Here is groot, alle lof kom Hom toe, sy grootheid is ondeurgrondelik.

⁴Geslag na geslag prys wat U doen en vertel van u magtige daade,

⁵van die luister, die heerlikheid van u majesteit. Ek wil getuig van u magtige daade,

- ⁶sodat die mense oor u wonderdade sal praat. Ek wil van u grootheid vertel.
- ⁷Sonder ophou moet hulle u groot goedheid verkondig en oor u reddingsdade jubel.
- ⁸Genadig en barmhartig is die Here, lankmoedig en vol liefde.
- ⁹Die Here is vir almal goed en barmhartig oor alles wat Hy geskep het.
- ¹⁰Almal wat deur U geskep is, loof U, Here, en u troue dienaars prys U!
- ¹¹Hulle vertel van u koninklike mag en getuig van u groot krag.
- ¹²Die mense moet weet van sy krag, van sy koninklike mag en majesteit.
- ¹³U koningskap is 'n koningskap vir alle tye, u heerskappy strek oor die geslagte heen.
- ¹⁴Die Here help almal op wat geval het. Hy ondersteun dié wat bedruk is.
- ¹⁵Die oë van almal is op U gerig, en U gee hulle kos op hulle tyd.
- ¹⁶U maak u hand oop en skenk u guns in oorvloed aan al wat leef.
- ¹⁷Die Here is regverdig in al sy handeling, getrou in alles wat Hy doen.
- ¹⁸Die Here is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in opregtheid aanroep.
- ¹⁹Aan dié wat Hom dien, gee Hy wat hulle vra, Hy hoor as hulle om hulp roep, en Hy red hulle.
- ²⁰Die Here beskerm almal wat Hom liefhet, maar al die goddeloses verdelg Hy.
- ²¹Ek sal die lof van die Here verkondig. Laat al wat leef, sy heilige Naam vir altyd prys.

Psalms 146

Prys die Here!

- ¹Prys die Here! Ek wil die Here prys.
- ²Ek wil die Here prys so lank ek lewe, ek wil die lof van my God besing so lank ek daar is.

- ³Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie; hy kan jou nie red nie.
- ⁴Sy asem verlaat hom, hy word weer grond en sy planne is daarmee heen.
- ⁵Dit gaan goed met die mens wat sy hulp van die God van Jakob ontvang, die mens wie se hoop gevestig is op die Here, sy God.
- ⁶Die Here het die hemel en die aarde gemaak, die see en alles daarin. Hy bly vir altyd getrou,
- ⁷Hy laat reg geskied aan verdruktes en gee brood aan dié wat honger ly. Die Here bevry die gevangenes,
- ⁸die Here laat blindes sien, Hy ondersteun dié wat bedruk is. Die Here het die regverdiges lief.
- ⁹Hy beskerm vreemdelinge en help weeskinders en weduwees, maar Hy versper die pad vir die goddeloses.
- ¹⁰Die Here regeer vir altyd. Sion, jou God regeer van geslag tot geslag. Prys die Here!

Psalms 147

Ons Here is groot en magtig

- ¹Prys die Here! Dit is goed om tot lof van ons God te sing, dit is 'n genot om die loflied te sing wat Hom toekom.
- ²Dit is die Here wat Jerusalem weer opbou, wat die verstrooides van Israel bymekaarbring.
- ³Hy genees die gebrokenes van hart en verbind hulle wonde.
- ⁴Hy besluit oor die getal van die sterre en gee elkeen 'n naam.
- ⁵Ons Here is groot en magtig, sy kennis is onbegrens.
- ⁶Die Here laat die hulpeloses weer opstaan, maar die goddeloses verneder Hy tot in die grond.
- ⁷Sing vir die Here 'n danklied, sing tot eer van ons God met begeleiding van die lier.

⁸Hy oordek die hemel met wolke, Hy voorsien reën vir die aarde en laat gras op die bergland uitspruit.

⁹Hy gee aan die diere hulle weiding en versorg die jong kraaie wat om kos skreeu.

¹⁰Die Here het niks aan die krag van 'n perd of die liggaamskrag van 'n soldaat nie,

¹¹maar Hy stel prys op dié wat Hom dien, dié wat hulle hoop vestig op sy trou.

¹²Loof die Here, Jerusalem, prys jou God, Sion!

¹³Hy het die sluitbalke van jou poorte sterk gemaak, jou inwoners geseën,

¹⁴Hy het in jou grondgebied vrede gegee, jou met die beste graan gevoed.

¹⁵As Hy die aarde 'n bevel gee, word dit vinnig uitgevoer.

¹⁶Hy gee sneeu so wit soos wol, Hy strooi ryp uit soos as,

¹⁷Hy laat dit haelstene reën. Wie is bestand teen die koue wat Hy stuur?

¹⁸Maar op sy bevel smelt alles weer; as Hy die warm wind laat waai, dan loop die waters.

¹⁹Hy maak sy woord aan Jakob bekend, sy voorskrifte en bepalings aan Israel.

²⁰Dit het Hy vir geeneen van die ander nasies gedoen nie; hulle ken sy bepalings nie. Prys die Here!

Psalms 148

Sy Naam alleen is hoog verhewe

¹Prys die Here! Prys die Here vanuit die hemele, prys Hom in die hoë hemel!

²Prys Hom, alle engele, prys Hom, alle hemelwesens!

³Prys Hom, son en maan, prys Hom, alle sterre!

⁴Prys Hom, hoogste hemele, en waters in die hoë hemelruim!

⁵Laat hulle die Naam van die Here prys, want Hy het beveel en hulle is geskep;

⁶Hy het hulle vir altyd hulle vaste plek gegee, vir hulle 'n orde neergelê waarbuite hulle nie kan beweeg nie.

⁷Prys die Here van die aarde af, seediere en al die oseane,

⁸weerlig en hael, sneeu en miswolke, stormwind wat sy opdrag gehoorsaam,

⁹berge, al die heuwels, vrugtebome, al die seders,

¹⁰wilde diere, al die vee, al wat kruip of vlieg,

¹¹konings van die aarde, alle volke, vorste, alle regeerders van die aarde,

¹²jong manne en meisies, grysaards saam met seuns!

¹³Laat hulle die Naam van die Here prys, want sý Naam alleen is hoog verhewe, sy majesteit strek oor die aarde en oor die hemel.

¹⁴Hy het aan sy volk mag gegee. Dit is die roem van al sy troue dienaars, die Israeliete, die volk naby wie Hy is. Prys die Here!

Psalms 149

Die Here is goed vir sy volk

¹Prys die Here! Sing 'n nuwe lied tot eer van die Here, sing tot sy lof in die vergadering van sy troue dienaars.

²Laat Israel hom verheug in sy Maker, laat die volk van Sion jubel oor die Here hulle koning.

³Laat hulle sy Naam prys met koordanse, laat hulle speel tot sy eer op tamboeryn en lier.

⁴Die Here is goed vir sy volk, Hy kroon die hulpeloses met oorwinning.

⁵Sy troue dienaars juig oor sy mag, jubel selfs as hulle op hulle beddens gaan lê.

⁶Die roem van God klink uit hulle mond, en in hulle hand is die swaard, alkante geslyp,

⁷waarmee hulle die nasies sal verslaan en die volke sal straf.

⁸Hulle sal die konings van daardie nasies met kettings vasbind, hulle aansienlikes met ysterboeie,

⁹en die vonnis aan hulle voltrek soos dit vasgestel is. Dit sal die triomf wees van al die troue dienaars van God. Prys die Here!

Psalms 150

Laat alles wat asemhaal, die Here prys

¹Prys die Here! Prys God in sy heiligdom, prys Hom hier onder sy magtige hemelgewelf!

²Prys Hom oor sy kragtige daade, prys Hom in sy magtige grootheid!

³Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier!

⁴Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite!

⁵Prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale!

⁶Laat alles wat asemhaal, die Here prys! Prys die Here!

Spreuke

Spreuke 1

- ¹Spreuke van Salomo seun van Dawid, koning van Israel.
- ²Dié spreuke is bedoel om mense wysheid te leer en hulle te onderrig sodat hulle sal weet wanneer iemand verstandig praat.
- ³So sal hulle 'n behoorlike opvoeding ontvang en 'n sin vir regverdigheid, reg en billikheid.
- ⁴Wie nog nie kennis het nie, sal verstandig word, jongmense sal leer om met kennis en oorleg op te tree.
- ⁵Selfs wyse mense kan na die spreuke luister en so tot dieper insig kom. Wie reeds die nodige kennis het, kan die kuns aanleer
- ⁶om spreuke en sinspelings, woorde en raaisels van wyse mense te begryp.
- ⁷Kennis begin met die dien van die Here; dit is net dwase wat wysheid en opvoeding gering ag.
- ⁸My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie:
- ⁹dit sal jou lewe versier soos 'n krans jou kop en 'n kettinkie jou hals.
- ¹⁰As sondaars jou wil verlei, my seun, moenie toegee nie.
- ¹¹Hulle sal vir jou sê: “Kom ons gaan lê iemand voor en vermoor hom, ons oorval sommer iemand, al het hy ons niks gedoen nie;
- ¹²kom ons laat mense verdwyn soos die dood dit doen, ons maak gesonde mense dood!
- ¹³Ons vat al wat waardevol is en ons maak huise vol met wat ons roof.
- ¹⁴Jy kan deel in die buit, dit sal ons almal s'n wees.”
- ¹⁵Moenie met hulle saamgaan nie, my seun, bly van hulle pad af;
- ¹⁶hulle is daarop uit om kwaad te doen, hulle wil gaan moord pleeg.

- ¹⁷n Voël wat 'n net sien wat vir hom gespan is, vlieg nie daarin vas nie,
¹⁸maar hierdie mense span vir hulleself 'n net, hulle gaan hulle ondergang met oop oë tegemoet.
- ¹⁹So gaan dit met elkeen wat vat wat hom nie toekom nie: rowery kos hom sy lewe.
- ²⁰Wysheid is 'n vrou wat langs die straat staan en roep, sy laat haar stem hoor op die stadspleine,
- ²¹sy roep bo die rumoer uit, by die ingange van die stadspoorte sê sy wat sy te sê het:
- ²²“Julle onkundiges, hoe lank gaan julle nog vashou aan julle onkunde, gaan die grootpratery hulle praterij geniet en die swape 'n afkeer hê van kennis?
- ²³As julle luister na my teregwyding, gee ek julle my wysheid in oorvloed en leer ek julle my woorde begryp.
- ²⁴“Ek het geroep en julle wou nie luister nie, ek het my hand uitgesteek en julle het dit nie gegryp nie.
- ²⁵Julle het my raad alles in die wind geslaan, julle wou julle nie laat teregwyding nie.
- ²⁶Daarom sal ek lag as die ongeluk julle tref, ek sal met julle spot wanneer die angs julle oorval,
- ²⁷wanneer daar nood en kwelling oor julle kom. Die angs sal soos 'n storm oor julle kom, die ongeluk sal julle tref soos 'n orkaan.
- ²⁸Dán sal julle my roep en ek sal nie antwoord nie, julle sal my soek en my nie kry nie.
- ²⁹Julle het 'n afkeer van kennis gehad, julle het geweier om die Here te dien,
- ³⁰julle het my raad verontagsaam en elke teregwyding van my geminag.
- ³¹Julle sal die vrugte van julle optrede pluk, julle sal van julle eie planne walg.

³²“Die onkundiges se dwaling kos hulle die dood, die dwase word vernietig deur hulle selfversekerdheid,

³³maar wie na my luister, sal veilig wees en hoef geen ramp te vrees nie.”

Spreuke 2

¹My seun, neem aan wat ek jou sê, maak wat ek jou voorskryf jou eie,

²hou jou ore oop vir die wysheid, span jou in om te verstaan.

³Roep insig by, vra na gesonde begrip.

⁴Soek dit soos jy silwer sou soek, spoor dit op soos 'n verborge skat.

⁵Dan sal jy weet hoe om die Here te dien, sal jy ontdek wat dit is om God te ken.

⁶Dit is die Here wat die wysheid gee, uit sy mond kom die kennis en die insig.

⁷Hy laat eerlike mense sukses behaal en Hy beskerm dié wat onberispelik lewe.

⁸Hy sien toe dat reg geskied, Hy hou wag oor die pad van sy troue dienaars.

⁹As jy aanneem wat ek jou sê, sal jy insig kry in wat regverdig en reg en billik is en sal jy op die goeie pad bly.

¹⁰Die wysheid sal sy plek in jou lewe inneem, kennis sal vir jou iets aangenaams word,

¹¹oordeelkundigheid sal oor jou wag hou en verstandigheid sal jou bewaak.

¹²Dit sal jou weghou van die verkeerde pad af en van mense af wat verkeerde dinge verkondig,

¹³van dié af wat die regte paaie verlaat om op donker paaie te loop.

¹⁴Hulle verheug hulle daarin om te doen wat sleg is en juig die wandade van die slegte mens toe;

¹⁵hulle paaie is krom en hulle koers is verkeerd.

¹⁶Die wysheid sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies,

¹⁷wat haar eie man verlaat en die verbond van haar God vergeet het.

¹⁸Haar huis lei 'n mens na die dood toe, haar spore bring jou by die dooies uit.

¹⁹Mense wat na haar toe gaan, kom nie een terug nie; hulle kom nie weer op die paaie van die lewe nie.

²⁰Loop jy liever die pad van die goeie mense, bly op die paaie van die regverdiges,

²¹want die opregtes sal die land bly bewoon, dié wat onberispelik leef, sal ongehinderd gelaat word,

²²maar slegte mense sal weggevee word uit die land, bedrieërs sal uitgeroei word.

Spreuke 3

¹My seun, wat ek jou leer moet jy nie vergeet nie, hou vas aan wat ek jou voorskryf,

²want dit sal vir jou 'n lang lewe verseker, dit sal maak dat jy 'n vol lewe het.

³Moenie dat liefde en trou by jou ontbreek nie; leef daarmee saam, maak dit 'n deel van jou lewe.

⁴So sal jy guns verwerf en byval vind by God en mens.

⁵Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie.

⁶Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop.

⁷Moenie dink jy het die wysheid in pag nie, dien die Here en vermy wat sleg is:

⁸dit is die geneesmiddel vir jou, die verkwikking vir jou liggaam.

⁹Vereer die Here met offerandes uit al wat jy besit en met die beste uit jou oes,

¹⁰dan sal jou skure oorvol wees en jou parskuipe oorloop van die wyn.

¹¹My seun, aanvaar die straf wat van die Here kom en moet jou nie teen sy teregwyding verset nie,

¹²want die Here straf die mens wat Hy liefhet net soos 'n vader doen met sy seun.

¹³Dit gaan goed met die mens wat wysheid gevind het, wat insig as sy deel ontvang het,

¹⁴want dit bring meer winste in as silwer en lewer 'n groter opbrengs as goud.

¹⁵Dit het meer waarde as edelstene; wat jy ook al as kosbaar beskou, niks kan daarmee vergelyk word nie.

¹⁶Die wysheid gee met die een hand 'n lang lewe en met die ander rykdom en eer.

¹⁷Die wysheid bring 'n ryk en 'n vol lewe.

¹⁸Dit is 'n bron van lewe vir wie dit aangryp, dit gaan goed met dié wat daaraan vashou.

¹⁹Die Here het die fondament van die aarde met wysheid gelê en die hemel gebou met insig.

²⁰Deur sy kennis is die groot waters van mekaar geskei en drup die wolke van vog.

²¹My seun, behou die takt en oorleg; moet dit nie uit die oog verloor nie,

²²dit sal vir jou 'n mooi lewe verseker en soos 'n pragtige halssnoer vir jou wees;

²³jy sal jou pad veilig loop en jou voet nie stamp nie;

²⁴jy sal nie bang hoef te wees as jy gaan slaap nie; as jy gaan lê, sal jy rustig slaap.

²⁵Moenie bang wees dat 'n ramp jou skielik sal oorval, dat die storm wat vir slegte mense bedoel is, jou sal tref nie,

²⁶want die Here sal jou beskerm, Hy sal sorg dat jy nie in 'n strik beland nie.

²⁷Moenie 'n weldaad weerhou van iemand aan wie dit toekom, terwyl dit in jou mag is om dit te bewys nie.

²⁸Moenie vir iemand sê: “Gaan eers terug en kom môre weer, dan help ek jou,” as jy nou reeds kan help nie.

²⁹Moenie kwaad teen iemand beplan terwyl hy vol vertroue by jou woon nie.

³⁰Moenie 'n man sommer aankla as hy jou nie kwaad aangedoen het nie.

³¹Moenie 'n man wat sy mag misbruik, beny nie en moenie self soos hy maak nie,

³²want die Here het 'n afkeer van 'n slegte mens, maar neem mense wat reg lewe, in sy vertroue.

³³Die vloek van die Here rus op die huis van die goddelose, maar Hy seën die woning van dié wat aan Hom getrou is.

³⁴Met hooghartige spotters dryf Hy die spot, maar Hy is goed vir dié wat beskeie is.

³⁵Wyse mense verkry eer, maar dwase kom al hoe meer in die skande.

Spreek 4

¹Kinders, neem die opvoeding wat 'n vader julle gee, ter harte; slaan daarop ag, sodat julle kan leer wat insig is,

²want wat ek julle leer, is goed; moenie die onderrig wat ek gee, versmaai nie.

³Ek was ook eenkeer 'n kind, my moeder se oogappel, haar enigste.

⁴My vader het my toe ook geleer en vir my gesê: “Wat ek jou sê, moet jy vashou, my voorskrifte moet jy uitvoer, sodat jy werklik kan lewe.

⁵Sorg dat jy wysheid bekom, en insig! Moenie my woorde vergeet en daarvan afwyk nie;

⁶maak die wysheid jou metgesel, dit sal jou beskerm; as jy dit liefhet, sal dit jou veilig bewaar.

⁷Die wysheid kom eerste. Sorg dat jy wysheid bekom, gee alles wat jy het, om insig te kry!

⁸Slaan dit hoog aan, dan sal dit aan jou aansien gee. Dit sal jou 'n man van betekenis maak as jy dit vasgryp.

⁹Dit sal jou lewe versier, dit sal vir jou 'n sierlike kroon wees.”

¹⁰Luister, my seun, en aanvaar wat ek jou sê; dit sal jou lewensjare baie maak.

¹¹Ek sal jou leer wat die pad van die wysheid is en jou die regte koers laat loop.

¹²As jy loop, sal daar niks in jou pad wees nie, en as jy hardloop, sal jy nie struikel nie.

¹³Hou vas aan wat ek jou leer, moet dit nie laat los nie; bly daarby, want dit is jou lewe.

¹⁴Moenie agter die goddeloses aanloop nie, vermy die pad van slegte mense.

¹⁵Los dit, moenie daarop loop nie, draai weg, vermy die slegte mense;

¹⁶hulle kan nie slaap as hulle nie kwaad gedoen het nie; hulle lê wakker as hulle nie iemand se ondergang bewerk het nie.

¹⁷Misdaad is hulle kos, geweld hulle drank.

¹⁸Die pad van die regverdiges is soos helder oggendlig wat groei en sterker word tot dit heeltemal dag is;

¹⁹die pad van die goddeloses is soos die donker: hulle weet nie waarom hulle sal struikel nie.

²⁰My seun, hoor wat ek vir jou sê, luister goed na my woorde!

²¹Moet dit nie vergeet nie, hou dit altyd in gedagte,

²²want dit beteken lewe vir dié wat daarna luister, ‘n volle lewe vir hom wat dit besit.

²³Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe.

²⁴Weerhou jou van leuens, moenie mense mislei nie.

²⁵Hou jou oë op die pad vorentoe, kyk reg voor jou uit.

²⁶Baken jou koers af, dan sal jy seker wees van elke tree.

²⁷Moenie links of regs wegdraai nie, weerhou jou van die verkeerde koers.

Spreuke 5

¹My seun, slaan ag op die wysheid wat ek jou leer, luister na my goeie raad.

²Dan sal jy self ook met oorleg kan optree en met die nodige kennis praat.

³Die slegte vrou se lippe drup van die heuning, haar tong is gladder as olie,

⁴maar agterna is alles so bitter soos wildeals; sy is so gevaarlik soos die skerpste swaard.

⁵Haar pad is dié van die dood, elke stap saam met haar bring die ondergang nader.

⁶Sy hou jou weg van die pad van die lewe af, sy laat jou dwaal, en jy weet dit nie.

⁷Luister na my, my seun, bly by wat ek jou sê:

⁸Bly weg van haar af, moenie naby haar huis se deur kom nie

⁹dat jy nie jou mooiste jare verspil nie, jou beste jare aan 'n hartelose mens gee nie,

¹⁰dat vreemdes hulle nie vol eet aan die vrug van jou arbeid nie, dat dit waarvoor jy gewerk het, nie in die huis van 'n ander beland nie.

¹¹Jy sal lê en kreun as jou einde nader, met die vleis aan jou liggaam weggevreet,

¹²en jy sal sê: “Ek het my opvoeding versmaai, ek het my nie gesteur aan die onderrig nie.

¹³As ek maar geluister het na my leermeesters en my ore oopgemaak het toe hulle my geleer het!

¹⁴Hier sit ek nou in die grootste ellende voor die oë van almal.”

¹⁵Jy het tog self 'n vrou, jy het tog self 'n put met water: drink die strome uit jou eie fontein.

¹⁶Moet jou fontein dan ook die wêreld vol loop, jou strome water oral heen vloei?

¹⁷Hulle is tog net joune, en jy sal hulle nie met 'n ander wil deel nie.

¹⁸Sing die lof van jou eie fontein, verheug jou oor jou eie vrou,

¹⁹so vol liefde, so mooi soos 'n takbok, soos 'n ribbok. Geniet voluit van haar liefkosings, laat dit jou deurentyd bedwelm.

²⁰Waarom sou jy jou laat bedwelm deur 'n slegte vrou, my seun, waarom sou jy in die arms van 'n ander vrou gaan lê?

²¹'n Mens se lewe lê oop voor die Here, elke tree wat jy gee, sien Hy.

²²Die oortreding van die goddelose agterhaal hom, hy draai hom vas in sy sonde.

²³Hy sterf deur sy gebrek aan selfbeheersing, sy dwaasheid het hom op die verkeerde pad gebring.

Spreek 6

¹As jy vir iemand borg gestaan het, my seun, as jy jou verbind het vir 'n ander,

²verstrik geraak het deur wat jy gesê het en vasgevang is deur jou eie woorde,

³doen dan dít, my seun, en red jouself só as jy in 'n ander se mag beland het: gaan soebat hom, gaan pleit by hom;

⁴moenie gaan slaap nie, bly wakker,

⁵red jou uit sy mag soos 'n wildsbok uit 'n strik, soos 'n voëltjie uit die net van 'n voëlvanger.

⁶Gaan kyk na die mier, luiaard, kyk hoe hy werk, en leer by hom.

⁷Hy het nie 'n leier nie, nie 'n opsigter of 'n regeerder nie,

⁸tog maak hy sy kosvoorraad reg in die somer, versamel hy sy voedsel in die oestyd.

⁹Hoe lank gaan jy nog lê, luiaard, wanneer gaan jy opstaan?

- ¹⁰Nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou en bly lê,
¹¹en daar oorval die armoede jou soos 'n rower, daar oorrompel die gebrek jou soos 'n inbreker.
- ¹²Dit is 'n nikswerd mens, 'n mens vol onreg, wat altyd reg is om te lieg,
¹³om te bedrieg deur met die oog te knik, met die voet te beduie, met die vingers tekens te gee,
¹⁴wat altyd met 'n skelmstreek kom en voortdurend op kwaad uit is. Hy maak moeilikheid waar hy gaan.
- ¹⁵So 'n mens se ondergang kom skielik; hy stort ineen, en daar is nie herstel nie.
- ¹⁶Die Here haat ses dinge, nee, daar is sewe waarvan Hy 'n afsku het:
¹⁷oë wat straal van hoogmoed, 'n tong wat lieg, hande wat met bloed bevlek is,
¹⁸gedagtes wat met komplotte besig is, voete wat net een koers ken, dié van die kwaad,
¹⁹'n getuie wat lieg en iemand wat rusie stook tussen broers.
- ²⁰My seun, hou vas aan wat jou vader jou voorskryf; wat jou moeder jou leer, moet jy nie in die wind slaan nie.
- ²¹Dit moet jou altyd bybly, daarmee moet jy saamleef;
²²dit sal vir jou leiding gee in wat jy doen, dit sal jou beskerm as jy slaap en jou lei sodra jy wakker word.
- ²³Wat ek jou voorskryf, is 'n lamp, my onderrig is 'n lig; wie hom laat teregwys, is op die pad na die lewe toe.
- ²⁴My onderrig sal jou beskerm teen die slegte vrou van 'n ander wat jou met haar gladde tong wil verlei.
- ²⁵Moenie dat haar skoonheid jou begeerte wek nie, moenie dat sy jou vang met haar oë nie.

- ²⁶Jy kan 'n prostituut kry vir 'n stuk brood, maar owerspel kan jou lewe kos.
- ²⁷Kan jy kole vuur in die vou van jou klere inhark sonder dat jou klere aan die brand raak?
- ²⁸Kan jy op brandende kole loop sonder dat jy jou voete verbrand?
- ²⁹Net so min kan jy by 'n ander man se vrou slaap sonder om gestraf te word, jy sal nie vry kom as jy met haar lol nie.
- ³⁰'n Dief word verag as hy steel, ook al steel hy om sy honger te stil,
- ³¹en as hy uitgevind word, moet hy sewevoudig teruggee, selfs al kos dit hom alles wat hy besit.
- ³²Maar 'n man wat owerspel pleeg, moet van sy verstand af wees, iemand wat dit doen, verwoes sy lewe.
- ³³Hy sal slae op die lyf loop en verneder word, sy skande sal nooit uitgewis word nie.
- ³⁴Die woede van die vrou se man is 'n gloeiende vuur, sy wraak ken nie perke nie;
- ³⁵hy laat hom nie afkoop nie, geen betaling is vir hom genoeg nie.

Spreek 7

- ¹Maak wat ek vir jou sê jou eie, my seun, hou by wat ek jou voorskryf,
- ²maak wat ek jou voorskryf jou eie, dat jy kan lewe, maak wat ek jou leer jou eie, so eie soos die appel van jou oog.
- ³Sorg dat jy dit altyd onthou, maak dit 'n deel van jou lewe.
- ⁴Sê vir die wysheid: “Jy is my suster,” maak die insig familie van jou.
- ⁵Dit sal jou weghou van die slegte vrou af, die vrou met die verleidelike praatjies.
- ⁶Ek kyk uit by my huis, by die tralievenster uit
- ⁷en ek sien mense wat nog baie moet leer; ek merk onder hulle veral een onverstandige jongman

- ⁸wat oor die straathoek stap en die pad na 'n vrou se huis toe kies.
- ⁹Dit is skemeraand, die nag se donker slaan toe.
- ¹⁰Daar kom die vrou hom tegemoet; sy dra die klere van 'n prostituut, sy is 'n vrou met listige planne.
- ¹¹Sy is luidrugtig en uitdagend, haar huis is te nou vir haar;
- ¹²sy maak haar ronde in die strate, op die stadspleine, sy staan op loer by elke hoek.
- ¹³Sy gryp die jongman en soen hom, onbeskaamd sê sy vir hom:
- ¹⁴“Ek moes maaltydoffers bring en ek het vandag juis my geloftes betaal.
- ¹⁵Daarom het ek jou kom soek, ek was op die uitkyk na jou en nou het ek jou gekry.
- ¹⁶Ek het 'n deken oor my bed gegooi, 'n deken van bont Egiptiese linne;
- ¹⁷ek het my bed besprinkel met mirre, aalwyn en kaneel.
- ¹⁸Kom ons drink van die liefde tot die môre toe, ons gee ons oor aan die liefdeslus.
- ¹⁹My man is nie tuis nie, hy is op 'n lang reis;
- ²⁰hy is weg met 'n vol beurs en kom eers met volmaan terug.”
- ²¹So laat sy die jongman swig vir haar listigheid, so verlei sy hom met haar gladde tong.
- ²²Hy loop sonder weerstand agter haar aan soos 'n bees op pad slagpale toe. Soos 'n dwaas word hy in die strik gevang
- ²³en netnou kloof 'n pyl sy lewer. Soos 'n voël wat reg in 'n net in vlieg, so is hy daarmee heen voor hy dit weet.
- ²⁴Luister na my, my seun, slaan ag op wat ek sê.
- ²⁵Moet jou nie met so 'n vrou ophou nie, moenie haar pad loop nie.
- ²⁶Sy het die val van baie op haar kerfstok, sy het al sterk manne laat ondergaan.

²⁷In haar huis is jy op pad na die doderyk toe, by haar is jy op pad na jou dood toe.

Spreuke 8

¹Dit is Wysheid self wat roep, dit is Insig wat haar stem laat hoor.

²Op die hoogtes langs die pad, by die kruispaaie, gaan sy staan,

³langs die stadspoorte, by die ingange, skree sy dit uit:

⁴“Ek roep na julle, mense, ek roep na alle mense:

⁵Dié wat ervaring kortkom, kan verstandig word, dié wat dwaas optree, kan insig kry.

⁶Luister, want wat ek sê, is die moeite werd, elke woord van my is opreg.

⁷Ek praat net die waarheid, ek het 'n afsku van wat verkeerd is.

⁸Elke woord uit my mond kan die toets deurstaan, nie een het 'n verkeerde of vals bedoeling nie.

⁹Mense wat insig het, weet dat ek reguit praat, wie die kennis het, weet wat ek sê, is reg.

¹⁰Aanvaar wat ek julle leer, dit is meer werd as silwer; kennis is meer werd as die fynste goud.

¹¹Ek, Wysheid, is kosbaarder as edelstene; wat jy ook al as baie werd beskou, teen my weeg dit nie op nie.

¹²“Ek, Wysheid, het die verstand, ek het die kennis en die skrandeheid.

¹³Om die Here te dien, is om te haat wat verkeerd is. Daarom haat ek hoogmoed en hovaardigheid, 'n verkeerde lewe en slinkse woorde.

¹⁴Wie my het, het raad en behaal sukses, ek verleen insig, ek is die een wat die mag gee.

¹⁵Met my hulp regeer konings goed en laat maghebbers reg geskied;

¹⁶met my hulp heers die mense wat mag het, die leiers, elkeen wat reg regeer.

- ¹⁷Ek het dié lief wat my liefhet; dié wat my seek, vind my.
- ¹⁸Wie my het, het rykdom en eer, het duursame en blywende besittings.
- ¹⁹Wat ek vir jou lewer, is beter as goud, selfs fyn goud; wat ek inbring, is meer werd as die suiwerste silwer.
- ²⁰Waar ek gaan, is daar geregtigheid, my pad is dié van die reg.
- ²¹Ek maak dié wat my liefhet, ryk, ek maak hulle skure vol.
- ²²“Die Here het my geskep, Hy het met my begin; ek is die eerste wat Hy gemaak het, lank, lank gelede.
- ²³Ek is lankal daar, van die begin af, voor die aarde daar was.
- ²⁴Ek het gekom toe die groot waters nog nie daar was nie, toe daar nog nie fonteine vol water was nie.
- ²⁵Voor die berge hulle plek gekry het, voor die rante het ek al gekom,
- ²⁶voor die Here die aarde met sy vlaktes gemaak het, voor Hy selfs die eerste grond gemaak het.
- ²⁷Ek was daar toe Hy die hemelgewelf opgerig het, toe Hy die horison oor die see afgemerkt het,
- ²⁸toe Hy die wolke daarbo gesit het, die fonteine onder die diep water laat uitborrel het.
- ²⁹Ek was daar toe Hy vir die see sy grens vasgestel het, die waters aan sy wil onderwerp het, toe Hy die fundamente van die aarde afgesteek het.
- ³⁰Ek het my kennis by Hom gekry, ek was elke dag sy vreugde; die hele tyd het ek dit by Hom geniet.
- ³¹Ek het my verlustig in die wêreld wat Hy gemaak het, die mense was vir my 'n vreugde.
- ³²“Daarom, kinders, luister na my, dit sal goed gaan met dié wat op my pad bly.

³³Luister na wat ek julle leer, moet dit nie verontagsaam nie, dan sal julle ook wysheid hê.

³⁴Dit sal goed gaan met die mens wat na my luister, die mens wat elke dag na my huis toe kom en op my drumpel staan en wag.

³⁵Wie my vind, vind die lewe self en geniet die guns van die Here.

³⁶Maar wie my nie wil vind nie, doen homself skade aan; wie my haat, hou van die dood.”

Spreeke 9

¹Wysheid het vir haar 'n huis gebou met sewe klippilare.

²Sy het geslag en wyn reggesit, sy het haar tafel gedek

³en haar bediendes na die stad toe gestuur om van die hoogste plek af te roep:

⁴“Kom hiernatoe, almal wat nog moet leer! ” En vir dié wat kennis kortkom, het sy gesê:

⁵“Kom eet by my, kom drink van die wyn wat ek reggesit het!

⁶Neem afskeid van die onkunde, dat julle kan lewe, kom op die pad van die insig! ”

⁷Wie iemand so opvoed dat hy 'n ligsinnige mens word, moet die verwyte daarvoor dra; wie iemand so leer dat hy 'n goddelose word, doen dit tot sy eie skande.

⁸Moenie 'n ligsinnige mens probeer opvoed nie, hy sal jou daarvoor haat. Voed 'n wyse op, en hy sal lief wees vir jou.

⁹Gee jou aandag aan 'n wyse mens, en hy kry meer wysheid, leer 'n regverdige, en sy kennis vermeerder.

¹⁰Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig.

¹¹As jy wysheid het, sal jy lank lewe, jou lewensjare sal vermeerder word.

¹²As jy wysheid het, het jy self die voordeel daarvan; as jy 'n ligsinnige mens is, dra jy alleen die las.

¹³Dwaasheid is soos 'n vrou wat luidrugtig bly klets, stadig van begrip en sonder kennis van sake.

¹⁴Sy sit by haar voordeur, haar stoel staan op die hoogste plek in die stad,

¹⁵en sy roep na dié wat verbykom, elkeen besig om sy gang te gaan:

¹⁶“Draai af hiernatoe, almal wat nog onervare is! ” Sy sê vir dié wat kennis kortkom:

¹⁷“Gesteelde water is soet, kos wat stilletjies geëet word, is lekker! ”

¹⁸Dié wat na haar luister, besef nie dat die dood self daar wag nie, dat dié wat hulle deur haar laat nooi het, klaar diep in die doderyk is nie.

Spreuke 10

¹Spreuke van Salomo. ‘n Wyse seun maak sy vader en moeder bly; ‘n dwase seun maak hulle hartseer.

²Goed wat deur onreg bekom is, bring geen voordeel nie; om te lewe volgens die wil van God, red 'n mens van die dood.

³Die Here laat die mens wat reg doen, nie honger ly nie, die Here laat die begeerte van dié wat verkeerd doen, nie bevredig word nie.

⁴'n Mens wat nie sy hande uit sy mou steek nie, word arm; dit is vlyt wat ryk maak.

⁵Die verstandige mens samel sy oes in as dit ryp is; 'n mens wat die oestyd deur slaap, verdien veragting.

⁶Die regverdige word geseën. Daar steek geweld agter die mooi woorde van die goddeloses.

⁷Die nagedagtenis van dié wat reg doen, leef voort; die naam van dié wat verkeerd doen, word gou vergeet.

- ⁸Die mens met verstand aanvaar bevele. Wie aanhou onsin praat, kom tot 'n val.
- ⁹Wie opreg leef, leef sonder vrees; wie krom paaie loop, word uitgevind.
- ¹⁰Wie sy oë sluit vir die waarheid, veroorsaak smart; en wie aanhou onsin praat, kom self tot 'n val.
- ¹¹Die woorde van die regverdige bring lewe en geluk; agter die mooi woorde van die goddeloses steek daar geweld.
- ¹²Haat verwek twis; liefde bedek alles wat aanstoot gee.
- ¹³Daar is wysheid in die woorde van een wat insig het; slae is vir dié wat nie hulle verstand gebruik nie.
- ¹⁴Wyse mense loop nie te koop met hulle kennis nie; as 'n dwaas sy mond oopmaak, is sy ondergang naby.
- ¹⁵Die rykdom is die ryke se veilige vesting; die armoede is die arme se ondergang.
- ¹⁶Die regverdige ontvang die lewe as beloning; die goddelose oes net straf.
- ¹⁷Wie hom laat leer, ken die pad na die lewe; wie teregwysing verwerp, dwaal van dié pad af.
- ¹⁸Agter die woorde van 'n huigelaar sit daar haat; wie skinderstories versprei, is 'n dwaas.
- ¹⁹Met baie praat bly die sonde nie uit nie; wie sy woorde tel, is verstandig.
- ²⁰Die woorde van die regverdige is die fynste silwer werd; die gedagtes van die goddelose is min werd.
- ²¹Met wat die regverdige sê, sorg hy vir baie; 'n dwaas gebruik nie sy verstand nie en bring die dood oor homself.
- ²²Dit is die seën van die Here wat rykdom bring; jou geswoeg laat dit nie meer word nie.

²³Die dwaas geniet dit om hom skandalig te gedra, maar die mens met insig geniet die wysheid.

²⁴Wat die goddelose vrees, kom hom oor; wat die regverdige begeer, gee God hom.

²⁵As die stormwind kom, is die goddelose daarmee heen, maar die regverdige bly altyd staan.

²⁶Soos asyn teen die tande, soos rook in die oë, so is 'n lui mens vir iemand wat hom 'n opdrag gee.

²⁷Wie die Here dien, lewe lank; wie sonder Hom lewe, se lewensjare is min.

²⁸Vir die regverdiges lê daar vreugde voor; die goddeloses het geen toekoms nie.

²⁹Om te leef soos die Here dit wil, is die krag van die opregte; vir dié wat onreg doen, wag daar ondergang.

³⁰Die regverdige wankel nooit, die goddeloses sal nie die land bly bewoon nie.

³¹Daar kom wysheid uit die mond van die regverdige, 'n tong wat kwaad stig, sal uitgesny word.

³²Die regverdige weet om die gepaste ding te sê; die goddeloses stig kwaad met wat hulle sê.

Spreek 11

¹Die Here het 'n afsku van 'n skaal wat nie reg weeg nie; net die regte gewig dra sy goedkeuring weg.

²Selfverheffing bring vernedering; wie nederig is, het wysheid.

³Die opregtheid van eerlike mense bepaal hulle koers; die valsheid van onbetroubares bring hulle ondergang.

⁴Rykdom baat nie wanneer die Here straf nie; om te lewe volgens sy wil, red van die dood.

- ⁵Die gehoorsaamheid van die opregte maak sy pad gelyk; wie verkeerd doen, kom daardeur tot 'n val.
- ⁶Die betroubaarheid van eerlike mense red hulle; onbetroubare mense word deur hulle hebsug gevang.
- ⁷Wanneer 'n slegte mens sterf, verdwyn alle hoop, selfs die verwagting wat op mag gebou is.
- ⁸Die regverdige word uit sy nood bevry, en dié nood tref die goddelose.
- ⁹'n Godlose mens laat 'n ander te gronde gaan met wat hy sê; mense wat aan God gehoorsaam is, word deur hulle kennis gered.
- ¹⁰'n Stad juig oor die voorspoed van regverdiges en jubel wanneer die goddeloses te gronde gaan.
- ¹¹'n Stad kry 'n goeie naam wanneer opregte mense dit prys, maar dit word afgebreek deur wat goddelose mense daarvan sê.
- ¹²'n Onverstandige mens praat met minagting van 'n ander; 'n verstandige mens swyg.
- ¹³Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; 'n betroubare mens bewaar 'n geheim.
- ¹⁴Sonder oorwoë leiding val 'n volk; die redding lê in baie raadgewers.
- ¹⁵Dit gaan sleg met hom wat vir iemand borg staan; die man wat weier om borg te staan, is veilig.
- ¹⁶'n Deugsame vrou is gesteld op haar goeie naam; mense wat niks ontsien nie, is gesteld op rykdom.
- ¹⁷'n Mens wat iets vir 'n ander oor het, baat self daarby; 'n hartelose mens word deur sy eie toedoen verstoot.
- ¹⁸Die wins wat 'n slegte mens maak, hou nie; wie volhou om reg te doen, kry blywende beloning.

- ¹⁹Die lewe lê voor vir wie by die reg bly, die dood wag vir wie aanhou kwaad doen.
- ²⁰Die Here verafsku mense wat nie opreg is nie; Hy hou van mense wat onberispelik lewe.
- ²¹Dit staan vas: 'n slegte mens sal nie loskom nie, maar selfs die nageslag van die regverdiges sal vrygespreek word.
- ²²Die skoonheid van 'n vrou sonder oordeel is soos 'n goue ring aan 'n vark se snoet.
- ²³Die regverdiges begeer die goeie; vir die goddeloses wag daar net straf.
- ²⁴Daar is mense wat vrylik uitdeel en tog steeds meer het, daar is ander wat suinig is en tog arm word.
- ²⁵Wie 'n ander voorspoed gun, sal self oorvloed hê. Wie die dors van ander les, sal self genoeg kry as hy dors is.
- ²⁶Mense vervloek iemand wat weier om koring te verkoop en hulle seën iemand wat gewillig is om te verkoop.
- ²⁷Wie die goeie nastreef, kan goedkeuring verwag; wie op die kwaad uit is, kry dit.
- ²⁸Wie op sy rykdom staatmaak, kom tot 'n val; wie reg doen, floreer soos groen blare aan 'n boom.
- ²⁹Wie sy huishouding verwaarloos, sal naderhand net wind oor hê; 'n onverstandige mens word die slaaf van dié een wat wysheid het.
- ³⁰Wie die wil van die Here doen, is 'n bron van lewe; die mens wat wysheid het, red lewens.
- ³¹Die regverdige kry hier op aarde wat hom toekom; net so seker die goddelose en die sondaar.

Spreuke 12

- ¹Wie hom laat leer, wil graag kennis ontvang; wie hom nie laat tereg wys nie, is 'n dom mens.
- ²Die Here hou van 'n goeie mens, maar Hy veroordeel 'n slinkse mens.
- ³Niemand wat 'n verkeerde lewe lei, hou stand nie; wie die wil van die Here doen, staan stewig.
- ⁴'n Knap vrou gee haar man hoë aansien; een wat haar man in die skande steek, is vir hom soos vretende kanker.
- ⁵Die mening van regverdiges kan die toets van die reg deurstaan; die slim raad van goddeloses is onbetroubaar.
- ⁶Goddeloses stel met wat hulle sê, dodelike hinderlae vir ander; opregte mense red ander met wat hulle sê.
- ⁷Goddeloses val en dit is klaar met hulle; die nageslag van die regverdiges bestaan voort.
- ⁸'n Mens word geprys vir sy insig en uitgelag as hy nie verstandig dink nie.
- ⁹Liewer gering geag word en tog 'n slaaf besit as jou vernaam aanstel en nie kos hê om te eet nie.
- ¹⁰Die regverdige sorg goed vir sy diere, maar die goddeloses is wreed.
- ¹¹Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, het nie verstand nie.
- ¹²Die goddelose soek sy veiligheid in verkeerde dade; die regverdiges staan vanself vas.
- ¹³'n Slegte mens stel vir homself 'n strik met sy opruiende woorde; wie reg doen, ontkom uit die nood.
- ¹⁴'n Mens kan voorspoedig word deur altyd die regte woorde te gebruik, of hy kan die vrug geniet van wat hy met sy hande doen.
- ¹⁵In die dwaas se oë is sy eie pad die regte; wie wysheid het, luister na raad.

¹⁶'n Dwaas wys dadelik dat hy beledig voel; 'n verstandige mens laat nie blyk dat hy gekrenk is nie.

¹⁷Wie die waarheid aan die lig bring, lewer betroubare getuienis; 'n getuie wat lieg, maak alles vals.

¹⁸Praat sonder om te dink kan soos dolksteke wees; wyse mense bring genesing met wat hulle sê.

¹⁹Die waarheid hou vir altyd, die leuen net 'n oomblik.

²⁰Dié wat op kwaad uit is, doen dit omdat hulle vals is; dié wat beraadslaag vir vrede en voorspoed, doen dit met vreugde.

²¹Geen leed sal die regverdige tref nie; goddeloses beleef ramp op ramp.

²²Die Here het 'n afsku van leuenaars; Hy hou van betroubare mense.

²³'n Verstandige mens loop nie te koop met sy kennis nie; dwase basuin hulle dwaasheid uit.

²⁴Hardwerkende mense kom in magsposisies; lui mense word dwangarbeiders.

²⁵Bekommernis druk 'n mens neer; 'n vriendelike woord vrolik hom op.

²⁶Die regverdige laat sy pad vir hom wys deur 'n vriend; die goddeloses verdwaal op die pad wat hulle self kies.

²⁷Die luiaard gaan vang nie eens wild om te braai nie; 'n hardwerkende mens versamel kosbare besittings.

²⁸Gehoorsaamheid aan God lei tot die lewe, dit is 'n pad wat nie na die dood lei nie.

Spreeke 13

¹'n Wyse seun laat hom leer deur sy vader, 'n ligsinnige slaan nie eens op dreigemente ag nie.

²'n Mens kan voorspoedig word deur altyd die regte woorde te gebruik; onbetroubare mense is net uit op geweld.

- ³Wie sy mond in bedwang hou, behou sy lewe; wie sy mond nie kan hou nie, gaan sy ondergang tegemoet.
- ⁴Die lui aard se honger word nie gestil nie; hardwerkende mense het meer as genoeg om te eet.
- ⁵Die regverdige haat leuens; die goddelose maak hom gehaat en veragtelik.
- ⁶Die opregte bly behoue deur sy gehoorsaamheid aan die Here; ongehoorsaamheid laat die sondaar te gronde gaan.
- ⁷Party mense hou hulle ryk maar het niks nie; party doen hulle arm voor maar besit baie.
- ⁸Met sy rykdom moet 'n ryk man hom soms loskoop; 'n arm man kom nie in so 'n gevaar nie.
- ⁹Die lewe van die regverdiges is vol vreugde; die lewenslig van die goddeloses word uitgedoof.
- ¹⁰Selfverheffing lei altyd tot twis; dié wat goeie raad aanneem, het wysheid.
- ¹¹Rykdom wat sommerso gekom het, verminder maklik; wie bietjie vir bietjie bymekaarmaak, word ryk.
- ¹²'n Verwachting wat nie uitkom nie, maak 'n mens mismoedig; 'n begeerte wat vervul word, bring nuwe lewe.
- ¹³Wie hom nie aan die woorde van die Here steur nie, sal die gevolge dra; wie eerbied het vir sy gebooie, sal die goeie vrugte pluk.
- ¹⁴Wat wyse mense jou leer, is 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood vermy.
- ¹⁵Iemand wat goeie insig het, geniet goedgesindheid; die pad van onbetroubare mense lei tot vernietiging.
- ¹⁶Alles wat 'n verstandige mens doen, word met kennis gedoen; wie nie wysheid het nie, begaan een dwaasheid na die ander.

¹⁷'n Onbetroubare boodskapper kom in die moeilikheid; 'n gesant op wie jy kan staatmaak, stel sake weer reg.

¹⁸Armoede en vernedering wag vir iemand wat hom nie wil laat leer nie, wie 'n teregwysing ter harte neem, word geëer.

¹⁹'n Begeerte wat vervul is, bring vreugde. Dwase het 'n afkeer daarvan om kwaad te vermy.

²⁰Wie met wyse mense omgaan, kry self wysheid; wie hom met dwase ophou, word self sleg.

²¹Teenspoed volg die sondaars op hulle pad; die regverdige word met voorspoed vergoed.

²²'n Goeie mens laat 'n erfenis na ook vir sy kleinkinders; die besittings van die sondaar kom in die hande van die regverdige.

²³Grond wat die eerste keer geploeg is, lewer genoeg kos vir die armes, maar waar daar nie wet en orde is nie, word die kos van hulle af weggevat.

²⁴Wie sy seun nie straf nie, het hom nie lief nie; as hy hom liefhet, sal hy hom straf wanneer dit nodig is.

²⁵Die regverdige het meer as genoeg om te eet; goddelose mense bly honger.

Spreek 14

¹'n Wyse vrou sorg vir haar huis; 'n vrou sonder wysheid breek alles af.

²Wie opreg lewe, dien die Here; wie krom paaie loop, het nie eerbied vir die Here nie.

³Die verwaande woorde van die dwaas bring vir hom straf; die woorde van wyse mense beskerm hulle.

⁴As daar nie osse is nie, is die voerkrip leeg; met net een goeie os bring jy 'n groot oes in.

⁵'n Betroubare getuie lieg nie; 'n vals getuie vertel een leuen na die ander.

- ⁶Al soek 'n ligsinnige mens wysheid, hy kry dit nie; 'n verstandige mens doen maklik kennis op.
- ⁷Vermý 'n dwase mens; jy sal nie by hom leer om verstandig te praat nie.
- ⁸Die wysheid van 'n verstandige mens wys vir hom 'n duidelike koers aan; die dwaasheid van 'n dwase mens maak alles vals.
- ⁹Die skuldoffer wat deur dwase gebring word, maak hulle bespotlik; mense wat opreg lewe, geniet die guns van God.
- ¹⁰Net 'n mens self ken die bitterheid van sy eie gemoed, en ook in sy vreugde kan niemand anders voluit deel nie.
- ¹¹Die goddelose en sy nageslag sterf uit; die opregtes het 'n groot nageslag.
- ¹²Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.
- ¹³'n Mens kan lag terwyl hy treur, die uiteinde van vreugde kan kommer wees.
- ¹⁴'n Onbetroubare mens kry sy verdiende loon; 'n goeie mens ontvang meer as sy beloning.
- ¹⁵Wie ervaring kortkom, glo alles wat gesê word; 'n verstandige mens oorweeg elke tree wat hy gee.
- ¹⁶Wie wysheid het, is versigtig en vermy die kwaad; wie wysheid kortkom, is roekeloos en selfversekerd.
- ¹⁷Wie kort van draad is, begaan dwaashede; 'n agterbakse mens maak hom gehaat.
- ¹⁸Mense wat ervaring kortkom, sit met hulle eie dwaasheid; verstandige mense word met kennis bekroon.
- ¹⁹Slegte mense moet voor goeies buig, goddeloses moet buig wanneer 'n regverdige by sy huis uitkom.
- ²⁰'n Arm mens word selfs deur sy buurman verstoot; 'n ryk man het baie vriende.

- ²¹Wie sy naaste verag, doen sonde; wie medelye het met die mens in nood, met hom gaan dit goed.
- ²²Wie altyd op kwaad uit is, is op die verkeerde pad; wie goed doen, geniet liefde en trou.
- ²³Harde werk bring beloning; om net te praat, bring gebrek.
- ²⁴Wyse mense word bekroon met rykdom; die dwaasheid van dwase mense lei na meer dwaasheid.
- ²⁵'n Betroubare getuie red lewens; die een wat leuens kwytraak, maak alles vals.
- ²⁶Wie die Here dien, het daarin 'n veilige toevlug, en ook sy kinders vind daar skuiling.
- ²⁷Wie die Here dien, vind daarin 'n bron van lewe; dit laat jou die strikke van die dood ontkom.
- ²⁸'n Koning met baie onderdane is hoog in aansien; een met min onderdane gaan te gronde.
- ²⁹'n Geduldige mens is baie verstandig; een wat kort van draad is, stel sy dwaasheid ten toon.
- ³⁰'n Kalm gemoed hou die liggaam gesond; hartstog vreet 'n mens op.
- ³¹Wie 'n arm mens verdruk, beledig sy Maker; wie hom oor 'n arm mens ontferm, eer God.
- ³²Die goddelose kom tot 'n val deur sy boosheid; die regverdige het 'n toevlug, ook in sy dood.
- ³³In 'n verstandige gemoed pas die wysheid goed in; by dwaasheid is dit nie tuis nie.
- ³⁴Gehoorsaamheid aan die Here laat 'n volk sterk staan; sonde bring skande oor 'n volk.

³⁵'n Verstandige amptenaar geniet die guns van die koning; een wat skande maak, maak hom kwaad.

Spreeke 15

¹'n Sagte antwoord laat woede bedaar; 'n krenkende woord laat woede ontvlam.

²Die woorde van wyse mense maak kennis iets begeerliks; dwase mense sê net dwase dinge.

³Die Here sien oral; Hy hou slegte en goeie mense dop.

⁴Kalmerende woorde bring lewe, skynheilige woorde breek mense.

⁵'n Dwaas verag wat sy vader hom leer; wie hom laat tereg wys, is verstandig.

⁶In die huis van die regverdige is daar groot rykdom; die inkomste van die goddelose is vir hom tot nadeel.

⁷Wyse mense versprei kennis met wat hulle sê; dwase het verdraaide opvattinge.

⁸Die Here het 'n afsku van die offers van goddeloses, maar Hy aanvaar die gebede van opregtes.

⁹Die Here het 'n afsku van die lewenswyse van goddeloses; maar Hy het dié lief wat volgens sy wil lewe.

¹⁰Wie die regte pad verlaat, sal swaar gestraf word; wie tereg wysing haat, sal sterf.

¹¹Vir die Here is die doderyk en die onderaardse diepte nie verborge nie, hoeveel minder die gedagtes van mense.

¹²'n Ligsinnige mens hou nie daarvan dat hy tereg gewys word nie; hy word nie 'n wyse mens nie.

¹³Blydskap laat 'n mens se gesig straal; smart maak 'n mens terneergedruk.

¹⁴'n Verstandige mens is op soek na kennis; 'n dwaas voed homself met dwaasheid.

- ¹⁵Dit gaan altyd sleg met 'n bedrukte mens; die blymoedige mens se hele lewe is 'n fees.
- ¹⁶Liewer min hê en die Here dien as groot rykdom en bekommernis daaroor.
- ¹⁷Liewer net 'n bietjie groente en liefde daarby as 'n vetgemaakte os en haat daarby.
- ¹⁸'n Humeurige mens soek skoor; 'n verdraagsame mens maak rusies uit die wêreld.
- ¹⁹'n Luiaard se pad is met dorings besaai; 'n opregte mens het 'n gelyk pad.
- ²⁰'n Wyse seun maak sy ouers bly, 'n dwase mens minag hulle.
- ²¹Iemand wat verstand kortkom, vind vreugde in sy dwaasheid; 'n mens met insig leef reg.
- ²²Waar daar nie beraadslaging is nie, slaag planne nie; dit slaag wanneer daar baie raadgewers is.
- ²³'n Mens vind vreugde daarin as hy die antwoord het; wat is beter as die regte woord op die regte tyd?
- ²⁴'n Verstandige mens se pad loop boontoe, na die lewe toe; hy ontkom die doderyk daar onder.
- ²⁵Die Here breek die hoogmoedige se huis af en beskerm die grond van die weduwee.
- ²⁶Die Here het 'n afsku van bose planne; aangename woorde is vir Hom aanneemlik.
- ²⁷Wie hom verryk ten koste van 'n ander, maak dat sy gesin verstoot word; wie omkoopgeskenke weier, sal lewe.
- ²⁸'n Regverdige mens dink voor hy antwoord; goddelose mense sê net slegte dinge.
- ²⁹Die Here is ver van die goddeloses af, maar Hy hoor die gebed van die regverdiges.

³⁰Stralende oë bring blydschap, goeie tyding verkwik 'n mens.

³¹Wie op 'n teregwysing ag slaan, sal lewe en 'n tuiste vind tussen mense wat wysheid het.

³²Wie onderrig in die wind slaan, gee nie om vir homself nie; wie op 'n teregwysing ag slaan, kry insig.

³³Om die Here te dien, is om onderrig te word in wysheid; nederigheid kom voor eer.

Spreuke 16

¹'n Mens kan sy voornemens hê, maar die laaste woord daaroor kom van die Here af.

²In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here ondersoek die gesindheid.

³Laat wat jy doen, aan die Here oor, dan sal jou voornemens geluk.

⁴Die Here het alles gemaak met 'n doel, ook die goddelose vir die dag van straf.

⁵Die Here het 'n afsku van 'n verwaande mens; dit staan vas: so 'n mens sal nie ongestraf bly nie.

⁶Liefde en trou bring versoening waar daar verkeerd gehandel is; kwaad word vermy deur die Here te dien.

⁷As die Here tevrede is met 'n mens se lewe, laat Hy selfs so 'n mens se vyande in vrede met hom lewe.

⁸Liewer min hê en reg lewe as baie inkomste hê deur onreg.

⁹'n Mens beplan sy pad, maar die Here bepaal hoe hy loop.

¹⁰As die koning praat, is dit met Goddelike gesag; as hy uitspraak lewer, maak hy nie fout nie.

¹¹Die norme vir die regspraak kom van die Here af; Hy bepaal die maatstawwe.

¹²Konings het 'n afsku van verkeerde dade, want 'n troon word deur regverdigheid bestendig.

- ¹³Eerlike mense geniet die koning se goedgesindheid; hy hou van mense wat die waarheid praat.
- ¹⁴Die woede van die koning dra die boodskap van die dood; 'n wyse mens bring dié woede tot bedaring.
- ¹⁵As die koning vriendelik is, is jy seker van jou lewe; sy goedgesindheid is soos 'n wolk wat lentereëns bring.
- ¹⁶Probeer liever wysheid bekom as goud, liever insig as silwer.
- ¹⁷Opregte mense vermy die kwaad op hulle lewensweg; wie nougeset lewe, hou homself in die lewe.
- ¹⁸Op hoogmoed volg ondergang, op selfverheffing volg die val.
- ¹⁹Liewer eenvoud saam met nederiges as om saam met hoogmoediges van roof te lewe.
- ²⁰Wie ag gee op die woorde van die Here, sal voorspoed geniet; wie op die Here vertrou, met hom gaan dit goed.
- ²¹'n Mens wat met wysheid bedeel is, word verstandig genoem, en as hy sy woorde reg kies, kan hy ook ander leer.
- ²²Insig is 'n bron van lewe vir wie dit het; onderrig deur dwase bly dwaasheid.
- ²³'n Wyse mens praat verstandig en kies sy woorde so dat hy ander kan leer.
- ²⁴Aangename woorde is heuning, soet en geneeskragtig vir die mens.
- ²⁵Daar is 'n lewenswyse wat vir 'n mens reg kan lyk, maar die uiteinde daarvan is die dood.
- ²⁶'n Werker se honger laat hom werk, sy behoefte aan kos dryf hom.
- ²⁷'n Kwaadwillige mens bring net teenspoed; wat hy sê, is soos 'n verterende vuur.
- ²⁸Iemand wat die waarheid verdraai, veroorsaak twis, iemand wat skinder, bring verwydering tussen vriende.

²⁹Iemand wat niks ontsien nie, mislei sy naaste en laat hom 'n verkeerde pad loop.

³⁰Wie met sy oog knik, wil die waarheid verdraai; wie sy lippe saampers, is vasbeslote oor 'n boosheid.

³¹Ouderdom is 'n sierlike kroon; dit word bereik deur dié wat reg lewe.

³²'n Geduldige mens het meer waarde as 'n bedrewe vegter, 'n mens met selfbeheersing meer as iemand wat 'n stad inneem.

³³Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom.

Spreeke 17

¹Liewer 'n stukkie droë brood met vrede daarby as 'n huis vol kos met 'n getwis daarby.

²'n Verstandige slaaf sal gesag kry oor 'n seun wat 'n verleentheid is en sal 'n erfgenaam word saam met die seun se broers.

³Silwer word in 'n smeltkroes gelouter en goud in 'n oond, maar dit is die Here wat die gesindheid toets.

⁴Wie op onreg uit is, luister gretig na kwaadwillige woorde; wie van valsheid hou, hoor graag woorde wat verderf saai.

⁵Wie met 'n arm mens spot, beledig sy Maker; wie hom verheug oor die ongeluk van 'n ander, sal self nie vrykom nie.

⁶Kleinkinders is vir oumense 'n trots; vaders is vir hulle seuns 'n sieraad.

⁷Verstandige woorde soek jy nie by 'n dwaas nie, nog minder leuens by 'n man van aansien.

⁸Vir wie dit gee, het omkoopgeskenke towerkrag; vir hom moet dit sukses verseker waar hy ook gaan.

⁹Wie 'n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudinge; wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende.

- ¹⁰'n Enkele dreigement maak meer indruk op 'n verstandige mens as honderd houe op 'n dwaas.
- ¹¹'n Slegte mens is net op kwaad uit, maar iemand sal gestuur word om hom te straf.
- ¹²'n Mens kan liewer 'n beerwyfie raakloop wat van haar kleintjies beroof is, as 'n dwaas met sy sotheid.
- ¹³As jy goed met kwaad vergeld, sal die kwaad nooit uit jou huis wyk nie.
- ¹⁴Om rusie te begin, is om 'n damwal te breek; staak liewer die getwis voor die vloed jou tref.
- ¹⁵Die Here het 'n afsku van wie die skuldige onskuldig verklaar én van wie die onskuldige skuldig verklaar.
- ¹⁶Watter nut het dit as 'n dwaas geld in die hand het om wysheid te koop en hy het nie verstand nie?
- ¹⁷Op 'n vriend se liefde kan jy altyd reken; jou broer is daar met die oog op jou nood.
- ¹⁸Dit is 'n mens sonder insig wat borg staan, wat instaan vir die skuld van sy naaste.
- ¹⁹Wie hou van aanstoot gee, hou van rusie; wie homself hoog aanslaan, soek sy eie ondergang.
- ²⁰'n Vals mens sal nie voorspoed hê nie; wie die waarheid verdraai, sal ondergaan.
- ²¹Daar wag hartseer vir die vader van 'n dwaas; wie 'n ongemanierde seun het, het geen vreugde nie.
- ²²'n Vrolike mens is 'n gesonde mens, 'n neerslagtige mens raak uitgeput.
- ²³'n Goddelose mens bied omkoopgeskenke aan en verdraai die reg.
- ²⁴'n Verstandige mens hou hom besig met wysheid, maar 'n dwaas se gedagte dwaal doelloos rond.

²⁵'n Onverstandige seun is vir sy ouers 'n ergernis, hy is vir hulle 'n bitter verdriet.

²⁶Selfs al beboet jy 'n onskuldige mens net, is dit verkeerd, en om 'n man van aansien te laat slaan, druis in teen die reg.

²⁷Wie die kennis het, kan spaarsaam met sy woorde wees; 'n mens met insig bly kalm.

²⁸As 'n dwaas nie praat nie, kan selfs hy aangesien word vir 'n wyse, en as hy sy mond toehou, vir 'n verstandige mens.

Spreuke 18

¹Die selfsugtige mens lewe net vir homself, hy verwerp alle oorlegpleging.

²Die dwaas stel nie belang in insig nie, hy wil net sy eie opinie bekend maak.

³Waar daar goddeloosheid kom, kom daar krenkende optrede, en saam met die belediging kom die skande.

⁴Die woorde van 'n mens kan diep waters wees, 'n bruisende stroom, 'n bron van wysheid.

⁵Dit is nie goed om partydig te wees vir die skuldige en om die onskuldige sy reg te ontsê nie.

⁶'n Dwaas praat hom in 'n rusie in, hy soek slae met wat hy sê.

⁷'n Dwaas se mond is sy ondergang, sy eie woorde is 'n dodelike strik.

⁸Skinderstories word gretig verslind; mense sluk dit so maklik.

⁹Een wat nalatig is met sy werk en een wat alles afbreek, is tweelingbroers.

¹⁰Die Naam van die Here is 'n sterk vesting; die regverdige vind daar skuiling.

¹¹Die ryk man sien sy besittings as sy vestingstad, as 'n hoë muur wat hom beskerm.

¹²Op selfverheffing volg ineenstorting, op nederigheid eer.

¹³Wie antwoord voor hy die vraag gehoor het, is dwaas en kom in die skande.

¹⁴Moed laat 'n mens sy lyding dra; as hy moed verloor het, kan niemand hom dit weer gee nie.

¹⁵'n Mens met insig doen kennis op; wyse mense hou hulle ore oop vir kennis.

¹⁶'n Geskenk maak vir 'n mens die pad oop en gee hom toegang tot mense met mag.

¹⁷Iemand wat in 'n regsak eerste praat, is altyd onskuldig, maar dan kom iemand anders en ondervra hom.

¹⁸Deur 'n beslissing van die Here te vra, kan rusies besleg en sterk mense uitmekaar gemaak word.

¹⁹'n Veronregte broer is ontoegankliker as 'n vestingstad; rusie is soos die sluitbalk van 'n fort.

²⁰Deur die regte woorde te gebruik, kan 'n mens sy honger stil, hy kan genoeg kry om te eet deur wat hy sê.

²¹Die tong het mag oor dood en lewe; dié wat lief is om te praat, sal die gevolg dra.

²²Wie 'n vrou kry, vind geluk en geniet die goedheid van die Here.

²³'n Arm mens pleit, 'n ryke antwoord skerp.

²⁴Maats kan jou breek, maar daar kan ook 'n vriend wees wat nader is as 'n broer.

Spreuke 19

¹Liewer arm wees en opreg lewe as 'n leuenaar en boonop 'n dwaas.

²Ywer sonder kennis deug nie; oorhaastigheid bring foute.

³Sy eie dwaasheid bring 'n mens op die verkeerde pad en dan is hy kwaad vir die Here.

⁴Rykdom vergader baie vriende; 'n arm mens word van sy enigste vriend vervreem.

⁵'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, kom nie vry nie.

⁶Almal soek die goedgesindheid van 'n man met mag, elkeen is die vriend van iemand wat geskenke uitdeel.

⁷As 'n arm man se broers almal niks met hom te doen wil hê nie, bly sy vriende ook van hom af weg, en om hulle te soebaat, help nie.

⁸Wie homself liefhet, sorg dat hy wysheid verwerf; hy stel prys op insig sodat hy voorspoed kan geniet.

⁹'n Vals getuie bly nie ongestraf nie; wie leuens kwytraak, gaan tot niet.

¹⁰Weelde pas nie by 'n dwaas nie, nog minder behoort 'n slaaf oor mense van aansien te regeer.

¹¹'n Verstandige mens beteuel sy humeur en stel sy eer daarin om vergewensgesind te wees.

¹²'n Koning se woede is soos die brul van 'n leeu, en sy goedgesindheid soos dou op die gras.

¹³'n Dwase seun is sy vader se ondergang; die gekyf van 'n vrou is soos die gedrup uit 'n dak wat lek.

¹⁴Van sy ouers kan iemand 'n huis en besittings erf, maar 'n verstandige vrou is 'n geskenk van die Here.

¹⁵Luiheid laat 'n mens diep slaap; 'n lui mens ly honger.

¹⁶Wie prys stel op die gebod van die Here, stel prys op sy eie lewe; wie nie omgee hoe hy lewe nie, sterf.

¹⁷Wie hom oor 'n arm mens ontferm, gee 'n lening aan die Here, en Hy sal hom ten volle vergoed.

¹⁸Behandel jou seun streng, dan is daar hoop, maar moet jou nie te buite gaan en hom doodmaak nie.

¹⁹'n Opvlieënde mens boet vir wat hy doen, maar as jy hom een keer help, sal jy dit elke keer weer moet doen.

²⁰Luister na raad, aanvaar wat jou geleer word, sodat jy uiteindelik wysheid kan hê.

²¹Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas.

²²'n Mens wy sy lewe aan wat hy begeer, maar dit is beter om arm te bly as om te bedrieg.

²³Wie die Here dien, se lewe is veilig; so 'n mens slaap rustig, geen ramp tref hom nie.

²⁴'n Luiard steek sy hand in die skottel, maar bring dit nie terug na sy mond toe nie.

²⁵As jy 'n ligsinnige mens klap, leer dié wat nog onervare is, daaruit; as jy 'n verstandige mens straf, word hy nog verstandiger.

²⁶'n Seun wat sy pa mishandel en sy ma verstoot, is skaamteloos en veragtelik.

²⁷My seun, hou gerus maar op met luister na wat jou geleer word as jy jou nie wil steur aan verstandige raad nie.

²⁸'n Kwaadwillige getuie maak 'n bespotting van die reg; wat goddelose mense sê, bring onreg.

²⁹Ligsinnige mense moet straf te wagte wees, en dwase moet slae verwag.

Spreek 20

¹Wyn maak jou ligsinnig, drank laat jou lawaai maak; niemand wat van dronkenskap slinger, is verstandig nie.

²Die koning wek net soveel vrees as die brul van 'n leeu; as jy die koning kwaad maak, is jou lewe in gevaar.

³Dit is eerbaar om 'n rusie te vermy; enige dwaas kan 'n rusie begin.

⁴'n Luiard ploeg nie in die saaityd nie en soek in die oestyd na iets wat nie daar is nie.

⁵'n Oorwoë mening is diep waters; 'n verstandige mens skep daaruit.

- ⁶Baie gee te kenne dat hulle getrou is, maar wie kan 'n werklik betroubare mens vind?
- ⁷Wie reg doen en eerlik lewe, met sy kinders gaan dit goed.
- ⁸Wanneer die koning moet regsprek, sien hy ál wat verkeerd is, raak.
- ⁹Wie kan sê: “Ek is rein, ek is onskuldig, sonder sonde”?
- ¹⁰Die Here het 'n afsku van mate en gewigte wat nou sus en dan so is.
- ¹¹Selfs 'n jongmens word geken aan wat hy doen, uit sy optrede blyk of hy eerlik en opreg is.
- ¹²Die oor wat hoor, die oog wat sien — die Here het altwee gemaak.
- ¹³As jy nie wil arm word nie, moenie lief wees vir slaap nie; staan vroeg op, en jy sal oorgenoeg hê om te eet.
- ¹⁴“Sleg! Sleg! ” sê die koper, maar as hy weg is, spog hy met sy winskopie.
- ¹⁵Daar is goud, daar is edelstene, maar om met kennis van sake te praat, is nog kosbaarder.
- ¹⁶As 'n vreemde vir iemand borg staan, vat sy klere van hom af en hou dit as pand, want hy is 'n uitlander.
- ¹⁷Kos wat oneerlik verkry is, smaak miskien goed, maar agterna sal jy klippe kou.
- ¹⁸Planne wat op goeie raad steun, slaag; vra raad voor jy oorlog maak.
- ¹⁹Iemand wat loop en skinder, lap geheime uit; bly weg van iemand wat baie praat.
- ²⁰As jy jou vader en moeder vervloek, is jou lewe daarmee heen en bly net die pikdonker oor.
- ²¹Besittings wat oneerlik verkry is, maak jou op die lang duur nie gelukkig nie.
- ²²Moenie sê: “Ek wil my wreek oor die kwaad wat my aangedoen is” nie; vertrou op die Here, en Hy sal jou help.

²³Die Here het 'n afsku van gewigte wat nou sus en dan so is; 'n skaal wat nie reg weeg nie, is vir Hom nie goed nie.

²⁴Die Here bepaal 'n mens se koers; hoe sal 'n méns weet waarheen hy moet gaan?

²⁵Jy stel vir jouself 'n strik as jy oorhaastig iets aan die Here wy en agterna eers besef wat jy belowe het.

²⁶'n Wyse koning sif die skuldiges uit en straf hulle genadeloos.

²⁷Die Here gee aan die mens die lewe. Die Here sien deur die hele mens.

²⁸Liefde en trou maak 'n koning veilig; deur liefde staan sy troon sterk.

²⁹Die trots van jongmanne lê in hulle krag; die versiering van oumense is hulle grysheid.

³⁰'n Pak slae laat 'n mens ophou kwaaddoen; dit laat jou selfs ophou dink aan kwaad.

Spreeke 21

¹Die wil van die koning staan onder die gesag van die Here; soos 'n stroom water lei Hy dit soos Hy verkies.

²In sy eie oë is alles wat 'n mens doen, reg, maar die Here toets die gesindheid.

³Die Here verkies dat 'n mens doen wat regverdig en reg is eerder as dat jy offers bring.

⁴Die sonde van goddeloses begin altyd met selfverheffing en eiewaan.

⁵Wat hardwerkende mense beplan, is nuttig, maar elkeen wat oorhaastig is, stuur af op gebrek.

⁶Skatte wat met bedrog versamel is, verdwyn in die wind en bring die dood.

⁷Die geweld van goddelose mense vernietig hulleself, want hulle weier om reg te doen.

⁸'n Slegte mens loop krom paaie; 'n eerbare mens tree eerlik op.

⁹Liewer bo-op 'n dak woon as saam met 'n twisgierige vrou onder een dak.

- ¹⁰'n Slegte mens smag na meer kwaad; hy het nie medelye met sy naaste nie.
- ¹¹As jy 'n ligsinnige mens laat boet vir sy daade, leer onervare mense wysheid daaruit; as jy iemand onderrig wat wysheid het, leer hy self daaruit.
- ¹²Die regverdige God sien wat in die goddelose se huis aangaan en Hy bring die goddelose tot 'n val.
- ¹³As jy jou ore sluit vir die hulpgeroep van 'n arm mens, sal jy ook nie antwoord kry as jy roep nie.
- ¹⁴'n Geskenk in die stilte paai 'n man wat kwaad is; as dit versigtig aangebied word, laat dit heftige woede bedaar.
- ¹⁵As daar reg geskied, is mense wat reg doen, bly, en staan dié wat onreg doen, verskrik.
- ¹⁶As iemand ophou om verstandig te lewe, beland hy tussen die dooies.
- ¹⁷Wie plesier voorop stel, word arm; wie lief is vir wyn en lekker kos, word nie ryk nie.
- ¹⁸Jy ruil maklik 'n slegte mens uit vir een wat reg doen en 'n onbetroubare vir 'n eerlike.
- ¹⁹Liewer in 'n woestyn woon as by 'n twisgierige vrou wat aanhou neul.
- ²⁰In die woning van 'n wyse mens is daar altyd kosbare besittings en olie; 'n dwase mens bring sy goed deur.
- ²¹Wie na reg en liefde strewe, aan hom word 'n vol lewe en eer geskenk.
- ²²'n Wyse man kan selfs 'n stad vol dapper verdedigers oorwin en die vesting waarop hulle vertrou, laat val.
- ²³Wie sy mond en sy tong in toom hou, hou hom uit gevaar.
- ²⁴'n Ligsinnige mens is hovaardig en aanmatigend, sy hovaardige optrede het geen perke nie.
- ²⁵'n Lui mens soek sy dood, want hy wil nie sy hande uit sy moue steek nie;

²⁶hy sit die hele dag net en wens. Die regverdige kan gee sonder om suinig te wees.

²⁷Die Here het 'n afsku in die offers van goddeloses, te meer as hulle dit bring met slegte bedoelings.

²⁸'n Vals getuie gaan sy dood tegemoet. 'n Betroubare getuie se getuienis het betekenis.

²⁹'n Slegte mens gee voor dat hy weet wat hy doen; 'n eerlike mens bly by die koers wat hy gekies het.

³⁰Teenoor die Here geld geen menslike wysheid, insig of besluit nie.

³¹Perde kan afgerig word vir oorlog, maar dit is die Here wat die oorwinning gee.

Spreek 22

¹'n Goeie naam is meer werd as groot rykdom, die goeie gesindheid van ander meer as silwer en goud.

²Voor die Here is ryk en arm gelyk; Hy het hulle almal gemaak.

³'n Verstandige mens sien onheil kom en vermy dit; onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor.

⁴Wie nederig is, dien die Here en ontvang rykdom, eer en lewe.

⁵Daar is dorings en strikke op die pad van oneerlikheid; wie sy lewe wil behou, bly daar weg.

⁶Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie.

⁷Die ryke heers oor die arme; die lener is die slaaf van die man by wie hy leen.

⁸'n Koning wat onreg saai, sal teenspoed oes; daar sal 'n end kom aan sy hardvogtige heerskappy.

⁹Wie mededeelsaam is, word geseën, want hy gee van sy kos vir arm mense.

- ¹⁰As jy 'n ligsinnige mens wegjaag, hou die rusies op en kom die getwis en beledigings tot 'n end.
- ¹¹Wie daarop prys stel om opreg te wees en vriendelik te praat, het selfs die koning tot vriend.
- ¹²Die Here sorg dat die regte insig behoue bly; Hy sorg dat die woorde van 'n onbetroubare mens geen uitwerking het nie.
- ¹³Die lui mens sê: “Daar is 'n leeu daarbuite! Ek kan doodgemaak word as ek dit buite waag! ”
- ¹⁴Die uitnodiging uit die mond van 'n slegte vrou is 'n diep afgrond; jy val daarin as die Here jou vervloek het.
- ¹⁵Onverstandigheid is eie aan 'n jongmens, maar 'n pak slae haal dit uit hom uit.
- ¹⁶Wie arm mense uitbuit, verryk homself; wie aan ryk mense geskenke gee, word self arm.
- ¹⁷Luister goed, luister wat die wyse mense sê; probeer verstaan wat ek jou wil leer uit wat ek weet,
- ¹⁸want dit is lekker as jy dit ingeneem het en enige tyd kan weergee.
- ¹⁹Ek onderrig juis vir jóú vandag sodat jy op die Here kan vertrou.
- ²⁰Ek skryf vir jou belangrike voorskrifte neer om jou leiding te gee en die nodige kennis,
- ²¹sodat jy die waarheid sal herken, die woorde waarop jy kan vertrou, en 'n betroubare verslag kan gee as iemand jou stuur.
- ²²Moenie 'n arm mens te kort doen omdat hy arm is nie; moenie die hulpelose vertrap in die regspraak nie.
- ²³Die Here sal hulle saak behartig en dié wat vir hulle beroof, van die lewe beroof.

²⁴Moenie maats maak met 'n opvlieënde mens nie, moenie saamgaan met een wat kort van draad is nie:

²⁵dalk leer jy sy maniere aan en beland jy in lewensgevaar.

²⁶Moenie een van dié wees wat borg staan nie, moenie instaan vir ander se skulde nie:

²⁷waarom moet hulle selfs jou bed onder jou uit vat as jy nie kan betaal nie?

²⁸Moenie grense verlê wat lankal daar is nie, wat jou voorouers al vasgestel het nie.

²⁹Jy sien self: iemand wat vaardig is in sy werk, kom in die diens van konings, nie in die diens van mense sonder aansien nie.

Spreuke 23

¹As jy aansit om saam met 'n hoë amptenaar te eet, wees tevrede met wat jou voorgesit word

²en bedwing jou as jy 'n groot eetlus het.

³Moenie sy lekker kos begeer nie; dit kan jou duur te staan kom.

⁴Moet jou nie afsloof om ryk te word nie en moenie jou sin vir waardes verloor nie.

⁵Jy het nog skaars die rykdom gesmaak of dit is weg; dit kry vlerke en vlieg die lug in soos 'n arend.

⁶Moenie by 'n suinige mens gaan eet nie, moenie sy lekker kos begeer nie,

⁷want hy bly uitreken hoeveel dit hom kos. Dit is hoe hy is. Hy moedig jou aan om te eet en te drink, maar hy bedoel dit nie.

⁸Jy sal naer word van wat jy eet en jou komplimente sal verkwis wees.

⁹Moenie 'n dwaas probeer reghelp nie; hy sal jou verstandige raad met minagting behandel.

¹⁰Moenie grense verlê wat lankal daar is nie, moenie weeskinders se grond vat nie,

- ¹¹want hulle Beskermer is magtig, Hy sal hulle saak teen jou behartig.
- ¹²Gee aandag aan wat ek jou voorskryf, luister goed na wat ek jou leer.
- ¹³Moenie huiwer om 'n kind te straf nie, want as jy hom slaan, red jy sy lewe.
- ¹⁴Jy moet hom juis slaan om hom van die dood te red.
- ¹⁵My seun, as jy 'n wyse mens word, sal dit my baie vreugde verskaf.
- ¹⁶Ek sal juig as wat jy sê, altyd reg is.
- ¹⁷Moenie afgunstig wees op sondaars nie; wees altyd ywerig om die Here te dien;
- ¹⁸dan sal jy 'n toekoms hê en jou hoop sal jou nie ontnem word nie.
- ¹⁹Luister, my seun, soek die regte insig: bly op die regte pad;
- ²⁰moet jou nie ophou met suiplappe en vrate nie,
- ²¹want die suiplap en die vraat word arm; dronkenskap laat jou in vodde loop.
- ²²Wees gehoorsaam aan jou vader en moeder, jy is hulle kind; en moet hulle nie verag as hulle oud geword het nie.
- ²³Hou by die waarheid, moet daar nie van afstand doen nie; hou by wysheid, by selfbeheersing, by insig.
- ²⁴'n Vader van 'n kind wat reg doen, voel baie gelukkig; 'n wyse seun verskaf sy vader groot vreugde.
- ²⁵Mag ook jǃu vader dié vreugde hê, mag ook jǃu moeder wat jou in die wêreld gebring het, so gelukkig wees!
- ²⁶Glo my, my seun, en onthou wat ek jou leer:
- ²⁷'n slegte vrou is soos 'n gevaarlike afgrond, 'n ander man se vrou is soos 'n put waaruit jy nie kan kom nie;
- ²⁸sy lê op die loer soos 'n rower, sy laat die een man na die ander 'n egbreker word.

²⁹Wie is dit wat sug en steun, wat rusie maak en kla, onnodig seerkry en bloedbelope oë het?

³⁰Dit is dié wat tot laat sit en drink, dié wat aanhou proe aan drank.

³¹Moenie dat die wyn jou verlei as dit so rooi is, so vonkel in die beker, so lekker smaak nie.

³²Agterna pik hy soos 'n slang, spoeg hy gif soos 'n kobra.

³³Dan sien jy vreemde dinge en praat jy verkeerde dinge;

³⁴dit voel of jy op die oop see lê, of jy bo-op 'n seilskip se touwerk lê,

³⁵en jy dink: ek het dan nie seergekry toe hulle my geslaan het nie; ek het nie gevoel toe hulle my aangeval het nie! Wanneer word ek wakker? Ek wil maar weer iets gaan soek om te drink.

Spreuke 24

¹Moenie slegte mense beny nie, moenie by hulle wil wees nie;

²al waarom hulle dink, is geweld, en al waarom hulle praat, is moeilikheid maak.

³Daar is verstand nodig om 'n huis te bou, insig om sy fundamente te lê,

⁴kennis om sy kamers te vul met allerhande kosbare en mooi goed.

⁵Dit is die wyse man wat sterk is, die een wat kennis het, wat werklik mag het.

⁶Jy maak oorlog ná beraadslaging, en die oorwinning kom deur baie raadgewers.

⁷Wysheid is bo 'n dwaas se begrip; hy kan dit nie waag om sy mond oop te maak waar leiers beraadslaag nie.

⁸Een wat beplan om kwaad te doen, kry die naam van 'n knoeier.

⁹'n Dwaas se geknoei loop op niks uit nie; mense verafsku 'n ligsinnige mens.

¹⁰As jy weifel op die dag van nood, is jy nie opgewasse daarvoor nie.

¹¹Red dié wat na hulle dood toe gesleep word, dié wat val-val op pad is om doodgemaak te word as jy nie keer nie.

¹²As jy sou sê: “Ons weet daar niks van af nie” sal God wat die gedagtes toets, weet wat die waarheid is. Hy wat oor jou wag hou, Hy weet en Hy vergeld 'n mens vir wat hy gedoen het.

¹³Eet heuning, my seun, dit is lekker; die stroop is soet in jou mond.

¹⁴So smaak die kennis, die wysheid ook; as jy dié gekry het, het jy 'n toekoms, en jou hoop sal jou nie ontnem word nie.

¹⁵Moenie soos 'n slegte mens die regverdige by sy huis gaan voorlê en sy woonplek verwoes nie.

¹⁶Al val die regverdige hoeveel keer, hy staan weer op, maar die goddeloses word deur rampe vernietig.

¹⁷Moet jou nie verheug oor jou vyand se val nie, moenie juig wanneer hy ondergaan nie.

¹⁸Die Here sal sien wat jy doen, en dit sal verkeerd wees in sy oë, en Hy sal jou vyand nie verder straf nie.

¹⁹Moet jou nie ontstel oor skelms, jou kwel oor goddelose mense nie,

²⁰want 'n slegte mens het nie 'n toekoms nie; die lewenslig van die goddeloses word uitgedoof.

²¹Dien die Here, my seun, en ook die koning; moet jou nie ophou met oproermakers nie.

²²Hulle ondergang kom skielik; niemand weet wanneer die Here en die koning hulle vernietig nie.

²³Wat nou volg, is ook afkomstig van wyse mense. Dit is nie reg om partydig te wees in die regspraak nie.

²⁴'n Regter wat 'n skuldige onskuldig verklaar, sal deur die hele bevolking vervloek word, deur almal verwens word.

²⁵Maar met regters wat regverdig straf, sal dit goed gaan; hulle sal geseën word met voorspoed.

²⁶Iemand wat eerlik antwoord, is 'n ware vriend.

²⁷Sit eers jou werk buite aan die gang en bewerk jou lande; daarna kan jy huis bou.

²⁸Moenie teen jou naaste getuig as hy jou nie rede gegee het nie; moenie mense mislei met wat jy sê nie.

²⁹Moenie sê: “Soos hy aan my gedoen het, sal ek aan hom doen, ek sal hom terugbetaal vir wat hy gedoen het” nie.

³⁰Ek het by 'n lui mens se land verbygestap, by 'n onverstandige mens se wingerd:

³¹dit was heeltemal oortrek van die onkruid, toegegroeï onder die bossies, en die klipmuur was omgeval.

³²Toe ek dit sien, het ek daarvoor nagedink en daar iets uit geleer:

³³nog 'n bietjie slaap, nog 'n bietjie sluimer, nog 'n bietjie handevou om te slaap,

³⁴en daar kom jou armoede aangestap, daar oorval die gebrek jou soos 'n inbreker, sonder dat jy dit kan keer.

Spreek 25

¹Die volgende is ook spreke van Salomo. Koning Hiskia van Juda se amptenare het dit opgeteken.

²Die eer van God lê in wat Hy verborge hou; konings se eer lê in wat hulle aan die lig bring.

³Soos die hoogte van die hemelruim en die diepte van die aardbodem, so kan konings se gedagtes ook nie gepeil word nie.

⁴As jy die slak uit silwer haal, kan die smid iets van die silwer maak.

⁵As jy die goddeloses by die koning wegvat, kan hy regverdig bly regeer.

⁶Moet jou nie vernaam aanstel by die koning en op die plek vir hoë mense gaan staan nie.

⁷Dit is beter dat hy vir jou sê: “Kom op hiernatoe!” as dat hy jou laat plek maak vir die vername mense. As jy iets gesien het,

⁸moenie te haastig teen jou buurman 'n klag indien nie; wat sal jy agterna doen as hy jou belaglik maak?

⁹As jy 'n saak teen jou buurman het, moenie sê wat iemand jou vertroulik meegedeel het nie:

¹⁰dit kan by hom uitkom, en hy kan jou tot 'n leuenaar maak, en dan kry jy vir goed 'n slegte naam.

¹¹Goue appels wat in silwer gemonteer is, so is die regte woord op die regte tyd.

¹²'n Goue ring, goue juwele, so is die wyse vermaning vir wie wil luister.

¹³Soos die verkoeling wat in die oestyd deur sneeu gebring word, so is 'n betroubare gesant vir dié wat hom gestuur het; hy gee dié in wie se diens hy staan, nuwe moed.

¹⁴Miswolke en wind, maar geen reën nie, so is iemand wat spog met wat hy sal gee en dit nooit gee nie.

¹⁵Met geduld kan iemand in 'n magsposisie tot ander insigte gebring word; met 'n versigtige benadering word weerstand afgebreek.

¹⁶As jy op heuning afkom, eet net tot jy genoeg het; as jy te veel eet, word jy naar.

¹⁷Wees spaarsaam met jou kuiers by jou buurman; as hy jou te veel sien, hou hy naderhand nie meer van jou nie.

¹⁸'n Knopkierie, 'n swaard, 'n skerp pyl, so is 'n man wat vals teen sy naaste getuig.

¹⁹'n Seer tand, 'n voet wat meegee, so is dit om in gevaar staat te maak op 'n onbetroubare mens.

²⁰Iemand wat jou klere van jou afvat op 'n koue dag, of asyn op bytsoda, so is iemand wat vir jou liedjies sing as jy treurig voel.

²¹As iemand wat jou haat, honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink.

²²Die Here sal jou daarvoor vergoed, en jy sal jou vyand vuurrooi van skaamte laat word.

²³Die noordewind bring reën, en agteraf-praat maak mense kwaad.

²⁴Liewer bo-op 'n dak woon as saam met 'n twisgierige vrou onder een dak.

²⁵Koue water vir 'n moeë mens se dors, so is 'n goeie berig uit 'n ver land.

²⁶'n Fontein, 'n put waarvan die water vuil en stink geword het, so is 'n regverdige wat hom tot 'n val laat bring deur 'n goddelose.

²⁷Om te veel heuning te eet, is nie goed nie, ook nie om eer te bly soek nie.

²⁸'n Stad sonder 'n muur om hom te beskerm, so weerloos is 'n mens as hy nie selfbeheersing het nie.

Spreek 26

¹Soos sneeu in die somer en reën in die oestyd, so min pas dit dat 'n dwaas eer ontvang.

²Soos voëltjies wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan 'n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie.

³'n Sweep vir 'n perd, 'n toom vir 'n donkie, en 'n lat vir 'n dwaas.

⁴Moenie 'n dwaas se vraag op net so 'n dwase manier beantwoord nie; hy sal dink jy is soos hy.

⁵Beantwoord 'n dwaas se vraag op net so 'n dwase manier, anders dink hy hy het wysheid.

⁶As jy 'n dwaas met 'n boodskap stuur, kan jy net sowel nie 'n boodskap stuur nie en aanvaar dat daar moeilikheid kom.

⁷'n Lam mens se bene hang nutteloos aan hom; net so nutteloos is 'n spreuk in die mond van 'n dwaas.

⁸Om 'n klip in 'n slingervel vas te bind, dit is wat dit beteken om aan 'n dwaas mag te gee.

⁹'n Doring in 'n dronk man se hand, so is 'n spreuk in die mond van 'n dwaas.

¹⁰'n Boogskutter wat nie omgee wie hy raakskiet nie, so is iemand wat 'n dwaas of sommer 'n verbyganger huur.

¹¹Soos 'n hond wat na sy braaksel toe terugkom, so is 'n dwaas wat dieselfde dwaasheid weer begaan.

¹²Jy sien self: vir iemand wat dink hy het die wysheid in pag, is daar minder hoop as vir 'n dwaas.

¹³Die luiaard se verskoning is: “Daar is 'n leeu in die pad! Daar is 'n leeu in die straat! ”

¹⁴'n Deur bly op sy skarnier draai; 'n luiaard bly omdraai op sy bed.

¹⁵Die luiaard steek sy hand in die skottel, maar hy is te lui om dit terug te bring na sy mond toe.

¹⁶Die luiaard dink hy het meer wysheid as sewe mense wat verstandige antwoorde kan gee.

¹⁷Iemand wat 'n kwaai hond sommer aan die ore pak, so is iemand wat woedend instorm in 'n rusie wat hom nie aangaan nie.

¹⁸Soos 'n mal mens wat dodelike pyle rondskiet,

¹⁹so is iemand wat 'n ander bedrieg en sê: “Ek speel sommer.”

²⁰Sonder hout bly 'n vuur nie brand nie; sonder 'n kwaadstoker hou 'n rusie nie aan nie.

²¹Daar is houtskool nodig vir gloeiende kole, hout vir 'n vuur, en 'n twissiek mens vir rusie stook.

²²'n Geskinder is soos lekker kos, mense sluk dit so maklik.

²³Soos om 'n potskerf met silwer oor te trek, so is dit om slegte bedoelings agter mooi woorde weg te steek.

²⁴Iemand kan sy haat verbloem met wat hy sê, maar binne hou hy by sy valsheid.

²⁵As hy vriendelik praat, moet hom nie glo nie; hy is vol bose bedoelings.

²⁶Hy verberg sy haat agter 'n valse skyn, maar van die onheil wat hy gaan doen, sal almal weet.

²⁷Wie 'n gat vir 'n ander grawe, val self daarin; die klippe wat hy gooi, sal na hom toe terugkom.

²⁸'n Leuenaar haat dié wat hy seermaak; 'n vleier bewerk 'n ander se ondergang.

Spreek 27

¹Moenie roem oor wat jy môre verwag nie; jy weet nie wat die dag sal oplewer nie.

²Laat dit aan 'n ander oor om jou te prys, moet dit nie self doen nie; laat dit uit 'n ander se mond kom, nie uit joune nie.

³Klip en sand is swaar om te dra, maar die ergernis wat 'n dwaas veroorsaak, is swaarder as altwee.

⁴Iemand wat kwaad is, ontsien niks, sy woede is 'n onkeerbare vloed; teen jaloesie is niemand opgewasse nie.

⁵'n Openlike bestraffing is beter as liefde wat onsigbaar bly.

⁶Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene.

⁷As jy genoeg geëet het, is selfs heuning nie meer lekker nie; as jy honger is, smaak selfs 'n bitter ding soet.

⁸Soos 'n voël wat sy nes net so los, so is 'n man wat sy gesin in die steek laat.

⁹Reukolie en wierook is iets om te geniet, maar die genot van vriendskap lê in die raad wat jy kry.

¹⁰Moenie by 'n vriend wat al jou pa se vriend was, verbygaan na jou broer se huis toe as jy moeilikheid het nie: 'n buurman wat naby is, is meer werd as 'n broer wat ver is.

¹¹As jy wysheid leer, my seun, sal dit my gelukkig maak en sal ek kan terugantwoord as ek weer skimpe oor jou hoor.

¹²'n Verstandige mens sien onheil kom en sorg dat dit hom nie tref nie, onervare mense loop oop oë daarin en boet daarvoor.

¹³As 'n vreemde vir iemand borg staan, vat sy klere van hom af; hou dit as pand, al staan hy borg vir 'n slegte vrou.

¹⁴As iemand sy buurman vroegdag met 'n geskreeu môre-sê, kan mense dink hy is besig om hom te vervloek.

¹⁵Die gedrup uit 'n dak wat lek op 'n reëndag, so is 'n vrou wat aanhou kyf.

¹⁶Wie haar probeer keer, kan net so wel die wind probeer keer of olie met sy hand probeer vashou.

¹⁷Yster slyp yster, vriende vorm mekaar.

¹⁸Wie sy vyeboom versorg, sal vye hê om te eet; wie omsien na sy werkgewer se belange, sal daarvoor eer ontvang.

¹⁹Soos jy jou eie gesig sien as jy in die water kyk, so sien jy jouself in wat jy dink.

²⁰Die doderyk en die onderaardse diepte kry nie genoeg aan dooies nie; 'n mens se oë kry nie genoeg van begeer nie.

²¹Die waarde van silwer word in 'n smeltkroes getoets, dié van goud in 'n oond, dié van 'n mens aan die lof wat hy ontvang.

²²Al stamp jy 'n dwaas in 'n stampblok, al stamp jy hom saam met sandkorrels in 'n vysel, jy sal sy dwaasheid nie uit hom uit kry nie.

²³Sorg dat jy weet wat jou kleinvee nodig het, gee aandag aan jou veetroppe.

²⁴Rykdom hou nie vir altyd nie; selfs koninklike mag is nie blywend nie.

²⁵As daar van die gras hooi gemaak is, die veld weer groen word en die voer uit die berge ingebring is,

²⁶sal die skape jou klere voorsien en die bokke sorg vir die koopprys van 'n stuk grond.

²⁷Daar sal genoeg bokmelk wees om jou en jou gesin te voed en ook nog jou slavinne te onderhou.

Spreuke 28

¹Die goddelose hardloop weg al jaag niemand hom nie; die regverdiges het die moed van 'n leeu.

²As daar opstand is in 'n land, is daar baie wat na mag gryp; as daar iemand met wysheid en kennis is, bly hy lank aan die bewind.

³'n Man wat self arm is en arm mense uitbuit, is soos 'n reën wat alles verspoel, sodat daar niks te ete oorbly nie.

⁴Wie die wet van die Here verontagsaam, praat met lof van goddelose mense; wie die wet onderhou, beveg hulle.

⁵Slegte mense het geen begrip van wat reg is nie; dié wat na die wil van die Here vra, het 'n goeie begrip van alles.

⁶Liewer arm wees en eerbaar lewe as oneerlik lewe en ryk wees.

⁷'n Verstandige seun hou hom aan die wet van die Here; as die seun maats maak met mense wat vir niks eerbied het nie, bring hy skande oor sy vader.

⁸Wie groot rykdom versamel deur mense uit te buit, versamel dit vir iemand wat hom oor arm mense sal ontferm.

⁹As iemand hom doof hou vir die wet van die Here, sal die Here 'n afsku hê van so 'n man se gebed.

¹⁰Wie eerlike mense mislei sodat hulle die verkeerde pad loop, sal self in die gat val wat hy gegrawe het; die opregte sal voorspoed geniet.

- ¹¹'n Ryk man kan dink hy het die wysheid in pag, maar 'n arm mens met insig sien deur hom.
- ¹²As regverdiges rede tot blydschap het, praat almal met trots daaroor, as goddelose mense aan die bewind kom, kruip die mense weg.
- ¹³Wie sy sonde wegsteek, moet niks goeds te wagte wees nie; wie sy sonde bely en daarvan afsien, sal genade ontvang.
- ¹⁴Dit gaan goed met 'n mens wat altyd versigtig is; maar iemand wat moedswillig is, sal ondergaan.
- ¹⁵'n Brullende leeu, 'n beer wat wil rondstorm, so is 'n goddelose regeerder oor 'n weerlose volk.
- ¹⁶As 'n heerser verstandigheid kortkom, is daar baie verdrukking; wie uitbuiting haat, lewe lank.
- ¹⁷'n Man wat moord op sy gewete het, moet op die vlug bly tot sy dood toe. Niemand moet hom help nie.
- ¹⁸Wie 'n eerbare lewe lei, sal hulp ontvang; wie 'n oneerlike lewe lei, sal onverwags tot 'n val kom.
- ¹⁹Wie sy grond bewerk, het volop om te eet; wie hom besig hou met nuttelose dinge, word brandarm.
- ²⁰'n Betroubare man is baie voorspoedig; een wat gou ryk wil word, sal sy straf kry.
- ²¹Dit is nie reg dat mense partydig is en sondig nie, selfs nie ter wille van 'n stukkies kos nie.
- ²²'n Inhalige mens wil gou ryk word; hy besef nie dat daar vir hom gebrek wag nie.
- ²³Wie iemand tereg wys, kry eerder agterna dank as wat 'n vleier dit kry.
- ²⁴Wie sy ouers besteel en sê: “Ek doen niks verkeerd nie,” is niks anders as 'n rower nie.

²⁵'n Gierige mens veroorsaak rusie; een wat op die Here vertrou, is voorspoedig.

²⁶Wie op homself vertrou, is 'n dwaas; wie hom deur wysheid laat lei, is veilig.

²⁷Wie vir 'n arm mens iets oor het, sal self niks kortkom nie, maar wie anderpad kyk, sal baie verwensings hoor.

²⁸As goddelose mense aan die bewind kom, kruip die mense weg, as die goddeloses ondergaan, kry die regverdiges die mag.

Spreek 29

¹'n Man wat hom bly verset teen tereg wysings, kom skielik tot 'n val en staan nie weer op nie.

²'n Volk juig as regverdige mense die mag kry; 'n volk sug as 'n goddelose mens regeer.

³'n Man wat wysheid hoog aanslaan, maak sy vader gelukkig; een wat hom met prostitute ophou, vermors sy besittings.

⁴'n Koning wat reg laat geskied, maak 'n land veilig; een wat net belastings oplê, ruïneer 'n land.

⁵'n Man wat 'n ander vlei, is besig om hom in 'n strik te laat loop.

⁶'n Mens se sonde is sy grootste gevaar. Iemand wat reg doen, kan vrolik sing.

⁷'n Regverdige mens is besorg oor die reg van arm mense, 'n goddelose mens het nie begrip vir dié besorgdheid nie.

⁸Ligsinnige mense bring 'n stad in oproer; wyse mense kalmeer die gemoedere.

⁹Wanneer 'n wyse man 'n saak maak teen 'n dwaas, raak die dwaas opgewonde en beledigend, en kom daar nie vrede nie.

¹⁰Moordenaars haat 'n onskuldige mens; mense wat reg lewe, probeer sy lewe red.

¹¹'n Dwaas gee vrye teuels aan sy woede; 'n wyse mens kry die dwaas naderhand gekalmeer.

- ¹²'n Regeerder wat hom aan leuens steur, het naderhand net goddeloses in sy diens.
- ¹³'n Arm mens en sy verdrukker het een ding gemeenskaplik: die Here hou hulle altwee in die lewe.
- ¹⁴As 'n koning reg aan arm mense laat geskied, sal hy lank regeer.
- ¹⁵'n Pak slae en 'n teregwysing bring wysheid; 'n kind wat sonder dissipline grootword, steek sy moeder in die skande.
- ¹⁶As goddelose mense regeer, regeer die sonde ook, maar die mense wat die wil van die Here doen, sal sien hoe die goddeloses ondergaan.
- ¹⁷Gee jou seun 'n goeie opvoeding en jy sal gerus wees oor hom; hy sal jou baie vreugde verskaf.
- ¹⁸Waar die wil van die Here nie bekend gemaak word nie, verwilder 'n volk; dit gaan goed met elkeen wat die wet van die Here onderhou.
- ¹⁹Met woorde alleen laat 'n slaaf hom nie waarsku nie; hy verstaan wat jy sê, maar hy reageer nie.
- ²⁰Jy sien self: vir die man wat praat sonder om eers te dink, is daar minder hoop as vir 'n dwaas.
- ²¹As jy 'n slaaf van kleins af bederf, is hy rebels as hy groot is.
- ²²'n Opvlieënde mens veroorsaak rusie; iemand wat kort van draad is, doen sonde op sonde.
- ²³Hoogmoed bring 'n mens tot 'n val; nederigheid bring eer.
- ²⁴Iemand wat gesteelde goed ontvang, gee nie om vir sy lewe nie; hy weet die vloek sal hom tref, maar hy wil nie praat nie.
- ²⁵As jy vir mense bang is, kan jy in 'n strik beland, maar as jy jou vertrou in die Here stel, is jy veilig.
- ²⁶Almal soek die guns van die regeerder, maar dit is die Here wat aan 'n mens reg laat geskied.

²⁷Mense wat die wil van die Here doen, het 'n afsku in iemand wat onwys optree; 'n goddelose mens het 'n afsku in dié wat reg lewe.

Spreuke 30

¹Die woorde van Agur seun van Jake. 'n Belangrike uitspraak. Die man het vir Itiël gesê, vir Itiël en vir Ukal:

²Ek is meer dier as mens, ek het nie die verstand van 'n mens nie.

³Ek het nie wysheid geleer nie, ek ken nie die heilige God nie.

⁴Wie het na die hemel toe opgegaan en weer afgekom? Wie het die wind in sy twee hande gevat? Wie het die water in 'n doek toegedraai? Wie het die grense van die aarde vasgestel? Wat is sy naam en wat is sy seun se naam, as jy dit weet?

⁵Elke belofte van God is betroubaar; Hy beskerm dié wat by Hom skuil.

⁶Moet niks byvoeg by wat Hy gesê het nie; Hy sal jou bestraf, en jy sal daar staan as 'n leuenaar.

⁷Net twee dinge vra ek van U; moet my dit tog nie weier nie; daarna kan ek sterf:

⁸moenie toelaat dat ek vals is en lieg nie; moet my nie arm maak of ryk nie, gee my net die kos wat ek nodig het,

⁹sodat ek nie te veel het en U verloën en sê: “Wie is die Here? ” nie, en sodat ek nie arm word en steel en my God se Naam oneer aandoen nie.

¹⁰Moenie 'n slaaf by sy eienaar beskinder nie; dalk vervloek die slaaf jou en moet jy die gevolge dra.

¹¹Daar is 'n soort mens wat sy vader vervloek en vir sy moeder nie 'n goeie woord het nie,

¹²'n soort mens wat homself as rein beskou, maar van wie die vuilheid nie afgewas is nie,

¹³'n soort mens wat vol hoogmoed, vol eiewaan is,

¹⁴'n soort mens wat koelbloedig en wreed is in sy hebsug en wat teer op die hulpeloses en armes in die land.

¹⁵Die bloedsuier het twee dogters, hulle is “Gee! ” en “Gee! ” Daar is drie, nee, vier wat nooit genoeg kry nie, wat nooit sê: “Genoeg! ” nie:

¹⁶die doderyk, die onvervulde begeerte om moeder te word, grond wat nie deurnat is nie en 'n vuur wat nooit sê “Genoeg! ” nie.

¹⁷Die oë van 'n man wat met sy vader spot en vir wie dit benede hom is om sy moeder te gehoorsaam, sal uitgepik word deur die kraaie, opgevreet word deur die roofvoëls.

¹⁸Daar is drie dinge, nee, vier wat bo my begrip is, wat ek nie verstaan nie:

¹⁹hoe 'n aasvoël in die lug bly, hoe 'n slang teen 'n rots op seil, hoe 'n skip op die diepsee vaar en hoe die liefde tussen 'n man en 'n meisie werk.

²⁰Die ontroue vrou het haar eie manier: sy eet en vee haar mond af en sê: “Ek het niks verkeerds gedoen nie.”

²¹Daar is drie, nee, vier wat die lewe ondraaglik maak, wat onuitstaanbaar is:

²²'n slaaf nadat hy koning geword het, 'n ongemanierde sot nadat hy hom vol geëet het,

²³'n vrou wat eers nie 'n man kon kry nie en toe tóg getroud is, en 'n slavin nadat sy haar eienares se plek ingeneem het.

²⁴Daar is vier goed in die wêreld wat klein is maar buitengewone wysheid het:

²⁵miere is nie sterk nie en tog sit hulle in die somer vir hulle kos weg;

²⁶dassies het nie veel krag nie en tog maak hulle hulle tuis teen die kranse;

²⁷sprinkane het nie 'n koning nie en tog trek die hele swerm in formasie;

²⁸'n geitjie kan jy met die hand vang en tog kry jy hom in koninklike paleise.

²⁹Daar is drie, nee, vier wat statig stap, wat 'n statige houding het:

³⁰'n leeu, die magtigste van al die diere, wat vir niks stuit nie;

³¹'n spoghaan; 'n bokram; en 'n koning met sy leër by hom.

³²As jy verwaand opgetree en jou aangestel het, of as jy slegte bedoelings het, hou op daarmee.

³³As jy melk karring, kom daar botter; as jy iemand op die neus slaan, kom daar bloed uit; as jy mense kwaad maak, kom daar rusie.

Spreuke 31

¹Die woorde van koning Lemuel van Massa. Sy moeder het vir hom dié voorskrif gegee:

²My seun, my kind wat ek in die wêreld gebring het, oor wie ek 'n gelofte gedoen het,

³moenie jou krag op vrouens vermors nie, moenie jou lewe verspil met hulle nie; hulle bring konings tot 'n val.

⁴Dit pas konings nie om te drink nie, Lemuel, dit pas hulle nie, dit pas mense met gesag nie om hulle aan drank oor te gee nie.

⁵As hulle drink, vergeet hulle wat die wet bepaal en laat hulle nie reg geskied aan al die minderbevoorregtes nie.

⁶Gee drank aan dié wat besig is om onder te gaan, laat dié wat swaar ly, drink;

⁷as so 'n mens drink, vergeet hy van sy armoede en dink hy nie meer aan sy moeilikheid nie.

⁸Praat jý vir dié wat self nie hulle sê mag sê nie, kom op vir die reg van dié wat te gronde gaan;

⁹praat, en lewer regverdige uitsprake, laat reg geskied aan die armes en ellendiges.

¹⁰'n Knap vrou is baie werd, baie meer as edelstene.

¹¹Haar man steun op haar en pluk die vrugte van haar werk.

¹²Sy bring vir hom net voordeel, nie nadeel nie, haar hele lewe lank.

¹³Sy maak wol en vlas bymekaar en geniet dit om dit te verwerk.

¹⁴Sy is soos die handelskepe, sy bring die kos van ver af in.

- ¹⁵Sy staan op as dit nog nag is en maak kos vir haar huisgesin; ook haar slavinne kry hulle deel.
- ¹⁶Sy oorweeg die waarde van 'n stuk grond en koop dit, sy sit dit onder wingerd met geld wat sy self verdien het.
- ¹⁷Sy pak die werk aan met krag, haar hande staan vir niks verkeerd nie.
- ¹⁸Sy stel vas of die wins goed is, haar lamp bly heelnag brand.
- ¹⁹Sy werk met die spinwiel, haar hande bly besig met die weefstoel.
- ²⁰Sy het 'n oop hand vir die armes, sy is vrygewig teenoor die behoeftiges.
- ²¹Sy is gerus oor haar huisgesin as dit sneeu: hulle dra almal warm klere.
- ²²Sy maak self vir haar dekens en sy dra klere van linne en wol.
- ²³Haar man is welbekend by die stadspoort waar hy saam met die leiers beraadslaag.
- ²⁴Sy maak klere en verkoop dit, sy lewer gordels aan die handelaars.
- ²⁵Alles aan haar spreek van 'n sterk en edel persoonlikheid; sy ken geen kommer oor die toekoms nie.
- ²⁶As sy praat, is dit met wysheid; as sy leiding gee, is dit met liefde.
- ²⁷Sy hou goeie toesig oor haar huishouding; lui is sy nie.
- ²⁸Haar kinders prys haar, haar man bewonder haar:
- ²⁹“Daar is baie knap vrouens, maar jy oortref hulle almal! ”
- ³⁰Uiterlike skoonheid hou nie, ‘n mooi voorkoms is nie alles nie; as sy die Here dien, dán verdien 'n vrou om geprys te word.
- ³¹Gee haar wat haar toekom vir alles wat sy doen; laat haar werk haar roem wees in die stadspoorte.

Prediker

Prediker 1

Die wêreld bly altyd dieselfde

- ¹Woorde van die Prediker, seun van Dawid en koning in Jerusalem.
- ²Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.
- ³Wat kry die mens vir sy geswoeg, sy geswoeg in hierdie wêreld?
- ⁴Geslagte kom en geslagte gaan, maar die wêreld bly altyd dieselfde.
- ⁵Die son kom op, die son gaan onder, en dan haas hy hom weer na waar hy opkom.
- ⁶Die wind waai suid, draai noord, waai hierheen en daarheen en dan draai hy maar weer.
- ⁷Al die riviere loop in die see in, maar die see word nooit vol nie. Die riviere hou aan om te loop na die plek toe waarheen hulle altyd geloop het.
- ⁸Woorde vervaag mettertyd, en 'n mens kry nie klaar met praat nie. Die oog kyk, maar kry nie klaar met kyk nie; die oor hoor, maar kry nie klaar met hoor nie.
- ⁹Wat was, sal weer wees; wat gebeur het, sal weer gebeur. Daar is niks nuuts in hierdie wêreld nie.
- ¹⁰Kan jy van iets sê dit is nuut? Nee, dit was lankal daar, lank voor ons tyd.
- ¹¹Wat verby is, word vergeet, en ook wat later kom, sal vergeet word deur dié wat daarna kom.

Baie wysheid stel hoë eise

- ¹²Ek, die Prediker, was koning oor Israel in Jerusalem.
- ¹³Ek het my daarop toegelê om alles wat in hierdie wêreld gebeur, te ondersoek en behoorlik te deurdink. Ek het bevind: God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou.

¹⁴Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.

¹⁵Wat krom is, kan nie reguit word nie; wat nie daar is nie, kan nie getel word nie.

¹⁶Ek het by myself gedink: ek het meer wysheid as almal wat voor my in Jerusalem geregeer het, ek het baie ervaring en insig.

¹⁷Ek het my daarop toegelê om te verstaan wat wysheid en kennis is, en wat dit is om 'n gebrek aan wysheid en kennis te hê. Ek het vasgestel: ook dit is 'n gejaag na wind.

¹⁸Baie wysheid stel hoë eise, wie kennis versamel, versamel smart.

Prediker 2

In hierdie wêreld bevredig niks nie

¹Ek het by myself gedink: laat ek my oorgee aan plesier, laat ek die lewe geniet! Maar ook dit het niks opgelewer nie.

²Van lag moes ek sê: dis sinloos, en van plesier: wat bring dit?

³Ek het gewonder wat sal gebeur as ek my aan wyn oorgee maar tog nog op soek bly na wysheid, as ek soos 'n dwaas leef totdat ek vasgestel het wat die beste is waarmee 'n mens hom sy lewe lank in hierdie wêreld besig kan hou.

⁴Ek het groot ondernemings aangepak: ek het vir my huise gebou en wingerde geplant.

⁵Ek het vir my tuine en parke aangelê en allerhande soorte vrugtebome daarin geplant.

⁶Ek het vir my damme gemaak om die lappe jong bome nat te lei.

⁷Ek het slawe en slavinne aangeskaf, en hulle het kinders gekry wat ook my slawe was. Ek het baie beeste en kleinvee gehad, meer as almal voor my in Jerusalem.

⁸Ek het vir my silwer en goud opgegaar wat ek gekry het van konings en provinsies. Ek het vir my sangers en sangeresse gewerf, talle mooi meisies met wie ek die lewe kon geniet.

⁹Ek was magtiger en ryker as almal voor my in Jerusalem. My wysheid het my goed te pas gekom.

¹⁰Alles wat ek begeer het, het ek my veroorloof; ek het my geen plesier ontsê nie. Alles waarmee ek my besig gehou het, het my plesier verskaf. Dit was my beloning vir al my inspanning.

¹¹Maar toe ek goed nadink oor alles wat ek gedoen het en oor alles waarmee ek my met soveel sorg besig gehou het, het ek gesien dat alles niks was, 'n gejaag na wind. In hierdie wêreld bevredig niks nie.

Die wyse sterf net soos die dwaas

¹²Ek het goed nagedink om vas te stel wat dit is om wysheid te hê of om nie wysheid en kennis te hê nie. Wat anders kan 'n koning se opvolger doen as wat reeds gedoen is?

¹³Dit het ek wel ingesien dat dit 'n mens meer baat om wysheid te hê as om dit nie te hê nie, net soos lig 'n mens meer baat as duisternis.

¹⁴Die wyse weet wat hy doen, vir die dwaas is daar net donkerte, maar dit weet ek: een en dieselfde lot tref albei.

¹⁵Ek het by myself gedink: die lot van die dwaas sal my ook tref, wat help dit my dan dat ek soveel wysheid het? En ek het vir myself gesê: Ook dit kom tot niks.

¹⁶Die wyse sal net so min as die dwaas altyd onthou word. In tye wat kom, word alles vergeet. Die wyse sterf net soos die dwaas!

'n Gawe uit die hand van God

¹⁷Ek het die lewe gehaat, want alles wat in hierdie wêreld gebeur het, het vir my sleg afgeloop. Alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind.

¹⁸Ek het alles gehaat waarmee ek my in hierdie wêreld met soveel sorg besig gehou het, want ek moet dit nalaat aan dié een wat ná my kom,

¹⁹en wie weet of hy 'n wyse of 'n dwase mens sal wees? Tog sal hy beskik oor alles wat ek met sorg en oorleg in hierdie wêreld bymekaargemaak het. Dit kom dus ook tot niks.

²⁰Ek het in vertwyfeling geraak oor alles waarmee ek my met soveel sorg in hierdie wêreld besig gehou het.

²¹'n Mens wat met wysheid en kennis gewerk en sukses behaal het, laat sy besittings na aan een wat glad nie daarvoor gewerk het nie. Dit is nie reg nie. Ook dit kom dus tot niks.

²²Wat het die mens nou eintlik aan alles waarmee hy hom met soveel sorg en ywer in hierdie wêreld besig hou?

²³Elke dag bring vir hom pyn en elke onderneming ergernis; selfs snags kom hy nie tot rus nie. Ook dit kom tot niks.

²⁴Dit is nie aan die mens self te danke dat hy kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet nie. Ek het ingesien dat dit 'n gawe uit die hand van God is.

²⁵Wie kan eet, wie kan geniet as Hy dit nie moontlik maak nie?

²⁶Vir die mens met wie se lewe God tevrede is, gee Hy wysheid, kennis en blydschap. Maar die een met wie Hy nie tevrede is nie, kry die taak om op te gaar en bymekaar te maak en dit dan te gee aan een met wie God tevrede is. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.

Prediker 3

Elke ding het sy vaste tyd

¹Elke ding het sy vaste tyd, elke ding in hierdie wêreld het sy tyd:

²daar is 'n tyd om gebore te word, 'n tyd om te sterwe, 'n tyd om te plant, 'n tyd om plante uit te trek,

³'n tyd om 'n lewe te neem, 'n tyd om 'n lewe te red, 'n tyd om af te breek, 'n tyd om te bou,

⁴'n tyd om te huil, 'n tyd om te lag, 'n tyd om te treur, 'n tyd om van blydschap te dans,

⁵'n tyd om klippe weg te gooi, 'n tyd om hulle bymekaar te maak, 'n tyd om te omhels, 'n tyd om weg te bly van omhelsing af,

⁶'n tyd om aan te skaf, 'n tyd om te laat wegraak, 'n tyd om te spaar, 'n tyd om weg te gooi,

⁷'n tyd om te skeur, 'n tyd om toe te werk, 'n tyd om stil te bly, 'n tyd om te praat,

⁸'n tyd om lief te hê, 'n tyd om te haat, 'n tyd vir oorlog, 'n tyd vir vrede.

⁹Wat kry die mens vir die werk waarmee hy hom vermoei?

¹⁰Ek het gesien dat God aan die mens 'n taak gegee het om hom mee besig te hou.

¹¹God het elke ding gemaak dat dit pas in 'n bepaalde tyd, maar Hy het ook aan die mens 'n besef gegee van die onbepaalde tyd. Tog kan die mens die werk van God van begin tot einde nie begryp nie.

¹²Ek het tot die insig gekom dat daar vir 'n mens niks beter is nie as om vrolik te wees en die goeie van die lewe te geniet.

¹³Dat die mens kan eet en drink en onder al sy arbeid nog die goeie kan geniet, ook dit is 'n gawe van God.

¹⁴Ek het tot die insig gekom dat wat God doen, blywend is: jy kan daar niks byvoeg nie en jy kan daar niks van wegneem nie. God doen dit sodat die mens vir Hom ontsag sal hê.

¹⁵Wat is, was reeds. Wat kom, was ook alreeds. God laat weer gebeur wat vroeër gebeur het.

¹⁶Verder het ek in hierdie wêreld gesien: waar daar reg moet geskied, is daar onreg; waar daar geregtigheid moet wees, is daar oortreding.

¹⁷Ek het by myself gedink: God spreek reg oor regverdige en onregverdige; daar is 'n tyd vir elke saak, ook vir wat in die regspraak gebeur.

Almal is van stof

¹⁸Ek het by myself gedink: dit is ter wille van die mense self dat God hulle toets; hulle moet insien dat hulle niks anders as diere is nie.

¹⁹Een en dieselfde lot tref mens en dier, hulle gaan almal dood, die een soos die ander. Almal het net een asem. Die mens is nie beter daaraan toe as die dier nie. Alles kom tot niks.

²⁰Almal is op pad na dieselfde plek toe, almal is van stof en almal word weer stof.

²¹Wie weet of die asem van die mens opstyg boontoe en of die asem van die dier afgaan onder toe?

²²Ek het gesien dat daar niks beter is nie as dat die mens vreugde vind in sy werk; dit is wat hom toekom. Wie kan hom laat sien wat ná hom sal gebeur?

Prediker 4

Vir wie sloof ek my af?

¹Verder het ek ook nog al die verdrukking in hierdie wêreld gesien. Die verdruktes kla, maar niemand help hulle nie; daar is niemand wat help teen die geweld van die verdrukke nie.

²Toe het ek gedink dié wat klaar dood is, is gelukkiger as dié wat nog lewe,

³maar die gelukkigste van almal is dié wat nog glad nie gebore is en nog nie al die onreg gesien het wat op hierdie wêreld gedoen word nie.

⁴Ek het gesien dat al die moeite wat mens doen vir sukses uit onderlinge afguns kom. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.

⁵Die dwaas vou sy hande en bewerk so sy eie ondergang.

⁶Hy vind een hand vol rus beter as 'n dubbele hand vol werk. Ook dit is 'n gejaag na wind.

⁷Ek het in hierdie wêreld nog meer gesien wat tot niks kom nie:

⁸daar was 'n man wat alleen was, sonder seun of broer. Tog was daar nie 'n einde aan al sy inspanning nie en was hy steeds op soek na meer rykdom. Hy

moes later sê: “Vir wie sloof ek my af en ontsê ek my die aangename dinge? ”
Ook hier kom dit tot niks. Dit bly 'n harde saak.

Twee vaar beter as een

⁹Twee vaar beter as een. Hulle inspanning kom tot iets.

¹⁰As die een val, kan die ander hom ophelp. Maar as een val wat alleen is, is daar niemand om hom op te help nie.

¹¹As twee langs mekaar slaap, word hulle warm, maar hoe sal een wat alleen is, warm word?

¹²Een alleen kan oorweldig word, twee saam kan weerstand bied. 'n Driedubbele tou breek nie maklik nie.

Verstandig en dwaas

¹³'n Jong man wat arm is maar verstandig, is beter as 'n koning wat oud is maar dwaas en hom nie meer wil laat waarsku nie.

¹⁴'n Jong man het uit die tronk gekom en koning geword alhoewel hy arm gebore is in die koninkryk van sy voorganger.

¹⁵Ek het gesien dat al wat lewe in hierdie wêreld hulle skaar aan die kant van die jongman wat die koning se plek ingeneem het.

¹⁶Die mense oor wie hy geregeer het, was te veel om te tel. Tog het die nageslag nie met vreugde aan hom gedink nie. Ook hier kom dit dus tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.

Wees baie versigtig!

¹⁷Wees baie versigtig as jy na die huis van God toe gaan. Dit is beter om nader te kom en te luister as om jou offer te bring soos 'n dwaas dit sou doen. 'n Dwaas kan niks anders doen as kwaad nie.

Prediker 5

¹Moenie te gou praat nie, moenie oorhaastig 'n belofte aan God maak nie, want Hy is in die hemel en jy op die aarde. Laat jou woorde daarom min wees.

²Baie doenigheid bring drome, baie praat lei tot onverstandige woorde.

³As jy aan God 'n gelofte gedoen het, moet jy nie versuim om dit te betaal nie. Hy hou nie van ligsinnige mense nie. Wat jy beloof het, moet jy betaal.

⁴Dit is beter dat jy nie belowe nie as dat jy belowe en nie betaal nie.

⁵Moenie dat jou mond jou laat sondig sodat jy vir 'n priester moet sê: “Ek het my vergis” nie. Waarom sal jy God laat kwaad word oor wat jy gesê het en Hom jou handewerk laat vernietig?

⁶Daar is baie drome, baie wat tot niks kom nie, ook baie woorde. Maar dien jy vir God!

'n Bitter swaar ding

⁷As jy sien die armes word verdruk en daar is geen reg en geregtigheid in 'n gebied nie, moet jy jou nie daaroor verbaas nie: elkeen met gesag word beskerm deur 'n hoër gesag, en almal saam deur 'n hoogste gesag.

⁸Maar dit is tot voordeel van 'n land in sy geheel dat almal aan die koning onderdanig is.

⁹Die mens vir wie geld alles is, het nooit genoeg geld nie; die mens vir wie rykdom alles is, kry nooit genoeg in nie. Ook hier kom dit tot niks.

¹⁰As die goeie dinge van die lewe baie word, word die eters ook baie; al wat die eienaar daaraan het, is om dit te aanskou.

¹¹Die slaap van die arbeider is soet, of hy min eet of baie, maar die oorvloed van die ryke laat hom onrustig slaap.

¹²Ek het in hierdie wêreld 'n bitter swaar ding gesien: dat 'n man rykdom opgaar en dit vir hom ellende bring.

¹³Hy doen verkeerd sake en verloor die rykdom. Hy het intussen die vader van 'n seun geword en dié kry dan niks nie.

¹⁴Self gaan hy kaal uit die wêreld uit soos hy daarin gekom het. Hy kan niks met hom saamneem vir al sy inspanning nie.

¹⁵Ook dit is 'n bitter swaar ding: presies soos hy gekom het, so gaan hy. Wat help dit dat hy hom vir wind afgesloof het?

¹⁶Hy slyt die res van sy lewe in die donker, in smart, ellende en bitterheid.

'n Gawe van God

¹⁷Ek het ook iets gesien wat goed is: dit is aangenaam om te eet en te drink en die lewe te geniet onder al die geswoeg op hierdie wêreld. Dit kom 'n mens toe vir die hele leeftyd wat God hom skenk.

¹⁸God gee aan 'n mens rykdom en besittings en laat hom dit geniet. God laat die mens sy deel ontvang en sy werk met vreugde doen. Dit is 'n gawe van God.

¹⁹So 'n mens dink skaars na oor wat in sy lewe gebeur, so vol is hy van die blydschap wat God gee.

Prediker 6

¹Ek het in hierdie wêreld ellende gesien wat swaar druk op 'n mens:

²God gee aan iemand rykdom, besittings en eer, en so iemand kom niks kort van wat hy begeer nie, maar God laat hom nie daarvan geniet nie, en iemand anders gebruik dit. Ook hier kom dit tot niks. Dit is bitter swaar.

³'n Man kan honderd kinders hê en baie lank lewe, maar hoe oud hy ook al word, as hy nie die goeie dinge kan geniet nie en nie eens in 'n graf begrawe word nie, is 'n doodgebore baba beter daaraan toe as hy.

⁴'n Doodgebore baba kom tot niks, dit sien nooit die lig nie en kry nie eens 'n naam nie.

⁵Dit sien nie die son nie en weet niks nie. Tog is dit beter daaraan toe as iemand

⁶wat nie die goeie van die lewe kan geniet nie, al leef hy twee maal duisend jaar. Al twee gaan na dieselfde plek toe.

⁷Die mens sloof hom af vir kos, maar sy honger word nooit gestil nie.

⁸Watter voordeel het die man met wysheid bo die dwaas? Wat help dit die arme om te weet hoe hy hom moet gedra?

⁹Wat die mens het, is beter as wat hy begeer. Ook hier kom dit tot niks. Dit is 'n gejaag na wind.

¹⁰Wat 'n mens is, word reeds met die naam mens gesê, dit is bekend wat hy is: hy is mens. Hy kan nie 'n regstryd voer met die Een wat sterker as hy is nie.

¹¹Hoe meer woorde, hoe meer kom dit tot niks. Wat baat dit die mens?

¹²Wie weet wat vir die mens goed is in die lewe, in die dae wat tot niks lei nie, wat hy soos 'n skaduwee deurbring? Wie kan vir 'n mens sê wat ná hom in hierdie wêreld sal gebeur?

Prediker 7

Wie wysheid het

¹'n Goeie naam is beter as reukolie, die sterfdag beter as die geboortedag.

²Dit is beter om na 'n huis toe te gaan waar daar gerou word as na 'n huis waar daar feesgevier word. Elkeen wat lewe, moet ter harte neem wat die uiteinde van die mens is.

³Droefheid is beter as lag; agter 'n somber gesig skuil 'n helder gees.

⁴Wie wysheid het, voel hom tuis waar daar gerou word, die dwaas voel hom tuis waar daar plesier is.

⁵Dit is beter om vermaan te word deur iemand wat wysheid het, as om besing te word deur 'n dwaas.

⁶Soos die geknetter van doringtakke onder 'n pot, so klink die gelag van 'n dwaas. Ook hier kom dit tot niks.

⁷Afpersing maak van 'n verstandige mens 'n dwaas, 'n omkoopgeskenk vernietig die goeie oordeel.

⁸'n Voltooide taak is beter as een wat pas begin is. Geduld is beter as hoogmoed.

⁹Moenie gou kwaad word nie: dit is 'n dwaas wat gou kwaad word.

¹⁰Moenie sê in die ou dae was dit beter as nou nie; dit is nie uit wysheid dat 'n mens so sê nie.

¹¹Wysheid saam met besittings is goed; dit is 'n voordeel vir elkeen wat leef.

¹²Wysheid bied beskerming soos geld beskerming bied; kennis en wysheid verryk die lewe van hom wat dit besit.

¹³Kyk na die werk van God: wie kan reguit maak wat Hy krom gemaak het?

¹⁴Wees bly op die dag van voorspoed, en as daar 'n dag van teëspoed kom, sien dit so: soos die een het God ook die ander gegee, sodat die mens nie sal weet wat vir hom voorlê nie.

¹⁵In my lewe wat tot niks gekom het nie, het ek alles gesien: 'n regverdige gaan onder al doen hy reg, 'n goddelose geniet 'n lang lewe, al doen hy verkeerd.

¹⁶Moet jou nie te regverdig wil hou nie, moenie aanspraak maak op meer wysheid as wat jy het nie; waarom jou eie ondergang soek?

¹⁷Moenie aanhou verkeerd doen nie, moenie dwaas wees nie; waarom voor jou tyd doodgaan?

¹⁸Dit is goed dat jy aan die een vermaning vashou en die ander ook nie laat los nie, want hy wat vir God dien, gehoorsaam altwee.

¹⁹Wysheid gee aan dié wat dit het, meer mag as wat tien maghebbers in 'n stad het.

²⁰Daar is geen mens op aarde regverdig nie, niemand wat net goed doen en nie sondig nie.

²¹Moet jou nie steur aan alles wat gesê word nie. Dan sal jy jou dit nie aantrek as jou slaaf jou verwens nie.

²²Jy weet hoe baie kere jy self ander verwens het.

²³Ek het alles met die hulp van wysheid getoets. Ek wou wysheid bekom, maar dit het buite my bereik gebly.

²⁴Die betekenis van wat gebeur, lê buite bereik, baie diep; wie kan dit vind?

²⁵Ek het my opnuut daaraan gewy om te wete te kom, na te vors en te ondersoek wat wysheid en insig is, en ek het toe vasgestel dat goddelose optrede dwaasheid is, dat onverstandige optrede geen doel dien nie.

²⁶Ek het gevind: 'n vrou wat strikke stel vir mans, is erger as die dood self. Haar bekoorlikheid is 'n vangnet, in haar arms is jy 'n gevangene. Wie voor God reg lewe, vermy haar, maar die sondaar laat hom deur haar vang.

²⁷Dit het ek gevind, sê die Prediker, toe ek een en een bymekaargesit het om die regte insig te kry.

²⁸Wat ek nog altyd soek, het ek nie gevind nie. Ek het wel uit duisend mense een betroubare man gevind, maar so 'n vrou het ek onder hulle nie gevind nie.

²⁹Die één ding wat ek wel gevind het, is dit: God het die mense goed en opreg gemaak, tog het hulle hulle besig gehou met allerlei slimmighede.

Prediker 8

¹Wie het werklik wysheid? Wie kan verklaar wat gebeur? Wysheid maak 'n mens vriendelik, dit verander 'n strak gesig.

²Wat my betref: Gehoorsaam die bevel van die koning op grond van die eed van getrouheid voor God.

³Moenie voortvarend wees nie, moenie by 'n swak saak staan nie, gee liewer pad voor die koning, want hy doen wat hy goed vind.

⁴Sy woord is wet; wie kan van hom rekenskap eis?

⁵Wie 'n bevel gehoorsaam, beland nie in die moeilikheid nie. Wie wysheid het, weet wanneer en hoe hy moet handel.

⁶Elke ding het sy tyd en sy manier. Daar is baie gevare wat die mens bedreig.

⁷Hy weet nie wat sal gebeur nie. Wie kan vir hom sê hoe dit sal wees?

⁸Niemand het die mag om die wind te stuit nie; niemand het seggenskap oor sy sterfdag nie; in oorlogstyd spring niemand vry nie. Wie verkeerd doen, word nie deur sy verkeerde daad gered nie.

⁹Dit alles het ek gesien. Ek het aandag gegee aan alles wat in hierdie wêreld gebeur wanneer een mens mag oor 'n ander het om hom kwaad aan te doen.

¹⁰Ek het gesien slegte mense word begrawe, en verdwyn, terwyl dié wat van die tempel af kom en reg gehandel het, ook in die stad vergeet word. Ook hier kom dit dus tot niks.

¹¹Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen.

¹²Al doen die sondaar ook hoeveel kwaad en leef hy nogtans lank, ek weet: met die vromes wat vir God dien, sal dit goed gaan;

¹³met die goddelose wat nie vir God dien nie, sal dit nie goed gaan nie. Soos 'n vlugtige skaduwee wat gou verdwyn, sal die goddelose nie lank lewe nie.

¹⁴Ook hier lei wat op die aarde gebeur, tot niks: oor regverdiges kom wat goddeloses toekom, oor goddeloses kom wat regverdiges toekom. Ook hierin, sê ek, kom dit tot niks.

¹⁵Ek het vreugde aanbeveel: daar is niks beter vir die mens in hierdie wêreld nie as dat hy eet en drink en vrolik is onder al sy geswoeg tydens die lewe wat God hom in hierdie wêreld gee.

¹⁶So het ek my daarop toegelê om agter te kom wat wysheid is en om te begryp waarmee mense hulle op die aarde besig hou sonder dat hulle dag of nag tot rus kom.

¹⁷Toe het ek al die werk van God begryp; die mens is nie in staat om wat in hierdie wêreld gebeur, te verstaan nie. Hoe hy hom ook al inspan en soek, hy verstaan nie. Al sê die wyse hy weet, kan hy nie verstaan nie.

Prediker 9

Doen wat jou hand vind om te doen

¹Dit alles het ek ter harte geneem en ek het bevind: God regeer oor dié wat reg doen en wysheid het, en oor wat hulle doen. Niemand weet of daar vir hom liefde of haat wag nie.

²Een en dieselfde lot tref almal: die regverdige en die goddelose, die goeie, die reine en die onreine, die een wat offer en die een wat nie offer nie. Soos dit

met die goeie gaan, so gaan dit met die sondaar, soos dit gaan met die een wat 'n eed aflê, so gaan dit met hom wat weier om 'n eed af te lê.

³Die ellende met alles wat in hierdie wêreld gebeur, is dat dieselfde lot almal tref. Die hart van die mens is vol boosheid; die dwaasheid bly hom sy lewe lank by, en sy einde is die dood.

⁴Solank jy onder die lewendes is, het jy hoop. 'n Hond wat lewe, is beter as 'n leeu wat dood is.

⁵Dié wat lewe, weet hulle sal doodgaan, maar die dooies weet niks; daar wag vir hulle niks meer nie, hulle is vergeet;

⁶dit is klaar met hulle liefde, hulle haat en hulle hartstog. Hulle sal nooit weer deel hê aan wat in hierdie wêreld gebeur nie.

⁷Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen.

⁸Dra altyd wit klere, versorg jou hare met olie.

⁹Geniet die lewe met die vrou wat jy liefhet, dié lewe wat tot niks kom nie, maar wat God jou in hierdie wêreld gegee het, die hele lewe wat tot niks kom nie. Dit is wat jou toekom in die lewe, wat jou toekom vir al jou geswoeg in hierdie wêreld.

¹⁰Doen met toewyding alles wat jou hand vind om te doen, want in die doderyk waarheen jy op pad is, is daar nie werk of insig of kennis of wysheid nie.

¹¹Verder het ek in hierdie wêreld gesien: dit is nie die vinnigstes wat die reisies wen nie, nie die sterkstes wat die oorlog wen nie, nie dié met wysheid wat kos het nie, nie die verstandiges wat ryk word nie, nie dié met kennis met wie dit goed gaan nie. Alles word bepaal deur tyd en geleentheid.

¹²Die mens ken selfs nie die tyd van sy dood nie. Soos visse wat gevang word in 'n net, soos voëls wat gevang word in 'n wip, so word die mens gevang as die teëspoed kom, as dit hom skielik oorval.

Wysheid teenoor dwaasheid

¹³Ook hierdie stukkie wysheid het ek in hierdie wêreld gesien, en vir my was dit belangrik:

¹⁴Daar was 'n klein stadjie met min mense. 'n Magtige koning het teen die stad opgetrek, dit beleër en hom daar ingegrawe.

¹⁵In die stad was 'n arm man met baie wysheid, en hy het die stad deur sy wysheid gered. Maar niemand het die arm man onthou nie.

¹⁶Toe het ek gesê: Wysheid is wel beter as krag, maar die wysheid van die arme word geminag, en niemand luister na wat hy sê nie.

¹⁷Die rustige woorde van dié wat wysheid het, word beter gehoor as die geskree van een wat heers oor dwase.

¹⁸Wysheid is beter as wapens, maar een misstap kan baie wat goed is, bederf.

Prediker 10

¹Dooie vlieë laat salf stink en gis, 'n bietjie dwaasheid doen meer kwaad as wat wysheid en eer goed doen.

²Die verstand van een wat wysheid het, gee hom krag, maar dié van 'n dwaas maak hom swak.

³Selfs waar die dwaas met die pad langs loop, ontbreek sy verstand; hy wys vir almal dat hy 'n dwaas is.

⁴As die heerser vir jou kwaad word, moenie jou pos verlaat nie; kalmte voorkom groot foute.

⁵Daar is 'n verkeerde ding wat ek in hierdie wêreld gesien het, 'n fout wat begaan word deur een wat gesag het:

⁶die dwaas kry hoë aansien en die rykes ontvang geen eer nie.

⁷Ek het slawe te perd gesien en vorste te voet op die grond soos slawe.

⁸Wie 'n sloot grawe, val self daarin, wie 'n muur afbreek, word deur 'n slang gepik.

⁹Wie klippe afbreek, word daardeur beseer, wie hout kap, moet versigtig wees.

¹⁰As die byl stomp word en nie geslyp word nie, moet jy meer krag gebruik. Dit betaal om jou verstand te gebruik.

¹¹As die slang pik voor hy besweer is, bereik die besweerder niks nie.

¹²Die woorde van iemand wat wysheid het, vind byval; die dwaas vernietig homself met wat hy sê.

¹³Wat hy sê, begin met dwaasheid en eindig met louter onsin.

¹⁴Die dwaas praat aanmekaar, maar geen mens weet wat sal gebeur nie, en niemand kan vir hom sê wat ná hom sal kom nie.

¹⁵Die dwaas put homself uit met wat hy doen; hy weet nie eers hoe om by sy stad te kom nie.

Alles kos geld

¹⁶Ellende wag vir die land waarvan 'n slaaf koning is en waar amptenare vroeg in die dag begin feesvier.

¹⁷Dit gaan goed met die land waarvan die koning vir homself kan besluit en waar amptenare op die regte tyd feesvier, met selfbeheersing en nie met 'n drinkery nie.

¹⁸Luiheid laat die dak inval, slap hande laat die huis lek.

¹⁹Eet bring plesier, wyn vrolik die lewe op, maar alles kos geld.

²⁰Moenie die koning verwens nie, nie eens in jou gedagte nie, moenie die ryke verwens nie, nie eens in jou slaapkamer nie; die voëltjies kan oorvertel wat jy gesê het, hulle kan jou woorde oordra.

Prediker 11

Werp jou brood op die water

¹Werp jou brood op die water, eendag kry jy dit terug.

²Hou jou besittings op sewe, selfs ag plekke, want jy weet nie watter teëspoed oor die land kan kom nie.

³As die wolke vol water is, reën hulle leeg op die aarde; of 'n boom nou suid of noord val, dit bly lê waar dit geval het.

⁴Wie die wind bly dophou, saai nie, wie na die wolke bly kyk, oes nie.

⁵Net so min as wat jy kan verstaan hoe gees en liggaam by mekaar uitkom in die skoot van 'n swanger vrou, net so min kan jy die werk van God verstaan. Hy doen dit alles.

⁶Saai jou saad in die môre, gaan in die laatmiddag daarmee voort. Jy weet nie watter van die twee sal 'n oes lewer nie en of altwee ewe goed sal wees nie.

Dink aan jou Skepper

⁷Die lig is aangenaam, dit is goed vir die oë om die son te sien.

⁸As 'n mens lank lewe, moet jy oor alles dankbaar wees. Maar jy moet onthou dat die donker dae van die dood wat kom, ook baie is. Alles kom tot niks.

⁹Jy wat jonk is, moet vreugde vind in jou jeug en jou jong dae ten volle geniet. Doen wat jy goeie vind en waarvan jy hou, maar moenie vergeet dat God van jou rekening sal eis oor alles nie.

¹⁰Hou kommer uit jou hart en vermy wat jou liggaam kan kwaad doen. Ook die jeug en die jonkheid kom tot niks.

Prediker 12

¹Dink aan jou Skepper in jou jong dae voor die swaar dae kom, die jare aanbreek waarvan jy sal sê: “Ek het daar niks aan nie.”

²Dit is die tyd wanneer die son donker sal word en ook die daglig, die maan en die sterre, die tyd wanneer dit weer bewolk word ná die reën.

³Dit is die tyd wanneer die wagters van die huis sal bewe, die sterk manne waggel en die malers ophou maal omdat hulle min geword het, die tyd wanneer dit donker word vir dié wat deur die vensters kyk,

⁴wanneer die deure na die straat toe toegemaak word, die geluid van die meul dof word, die tyd wanneer 'n mens opstaan as die voëls begin sing al hoor hy geen lied meer nie.

⁵Dit is die tyd wanneer hy bang is vir 'n hoogte en vir alles op die pad skrik, die tyd wanneer die amandelboom in bloei staan, die sprinkaan homself

moeisaam voortsleep en die kapperkruid nutteloos word, die tyd wanneer die mens na sy ewige woning gaan en dié wat treur, op die straat rondgaan,

⁶die tyd wanneer die silwerdraad afgebreek word en die goue kruik breek, die kruik by die fontein stukkend breek en die wiel by die put stukkend val,

⁷die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het.

⁸Alles kom tot niks, sê die Prediker, tot niks.

Dien God en gehoorsaam sy gebooie

⁹Die Prediker was nie net 'n man met wysheid nie, hy het ook die volk onderrig. Hy het nagedink, nagevors en baie spreuke gemaak.

¹⁰Hy het daarna gestrewe om hom raak uit te druk en die waarheid getrou op te teken.

¹¹Die woorde van mense met wysheid is soos skerp stokke, versamelde spreuke is soos spykers wat ingeslaan is. Hulle is deur een Herder gegee.

¹²Die belangrikste van alles is: My seun, wees versigtig! Daar kom nie 'n einde aan die skryf van baie boeke nie, te veel studie ooreis die liggaam.

¹³Die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word.

¹⁴God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad.

Hooglied

Hooglied 1

¹Salomo se mooiste lied.

Sy:

²“Soen my, soen my weer en weer! Jou liefkosings is beter as wyn,

³jou parfuum ruik so lekker, jou naam is suiwer parfuum: daarom het die meisies jou so lief.

⁴Vat my saam met jou, kom ons hardloop! ” Die koning vat my toe na sy kamer toe.

Hy:

“Kom ons juig, kom ons wees vrolik oor jou! ”

Sy:

“Kom ons prys jou liefkosings, dit is beter as wyn! Ek kan verstaan dat die meisies lief is vir jou.

⁵“Ek is bruin gebrand maar ek is mooi, vroue van Jerusalem. Ek is so bruin soos die tente van Kedar, soos die tentdoeke van Salomo.

⁶Moet my nie so aankyk omdat ek donker is nie, omdat die son my gebrand het nie: my broers het my so bruin laat brand, hulle het my die wingerde laat oppas; ek kon my eie wingerd, myself, nie versorg nie.

⁷“Sê my, jy wat ek liefhet, waar laat jy jou kleinvee wei, waar laat jy hulle rus op die middag? Hoekom moet ek my agter 'n sluier wegsteek en by die veetroppe van jou vriende rondsoek? ”

Hy:

⁸“As jy dit nie weet nie, mooiste van al die vroue, loop maar net op die kleinvee se spore en laat jou bokkies wei by die veewagters se tente.

⁹“Soos 'n spogperd in die farao se strydwa, so is jy vir my, my liefing,

¹⁰met jou lieflike wange tussen jou oorbelle, jou nek met sy kettinkies om.

¹¹Ons sal vir jou oorbelle van goud maak, met silwerknoppies daarin.”

Sy:

¹²“So lank die koning op sy rusbank gelê het, het my nardusparfuum se geur versprei.

¹³Die man wat ek liefhet, is vir my 'n sakkie mirre wat tussen my borste lê.

¹⁴Die man wat ek liefhet, is vir my 'n bos hennablomme uit die wingerde van En-Gedi.”

Hy:

¹⁵“Jy is mooi, my liefeling, jy is mooi, jou oë is duiwe.”

Sy:

¹⁶“Jy is mooi, man wat ek liefhet, baie aantreklik. Ons bed is die groen blare,

¹⁷ons huis se balke is die seders, sy daklatte is die sipresse.

Hooglied 2

¹Ek is 'n affodil van Saron, 'n lelie van die laagtes!”

Hy:

²“Soos 'n lelie tussen dorings, so is my liefeling tussen die meisies.”

Sy:

³“Soos 'n appelboom tussen wilde bome, so is die man wat ek liefhet, tussen die jongmans. Ek sit graag in sy skaduwee, sy vrugte is soet in my mond.

⁴Hy vat my na 'n feesplek toe; hy straal van liefde vir my.

⁵Julle moet vir my rosyntjies gee om my sterk te maak, julle moet my met appels verfris, want die liefde verteer my.

⁶Sy linkerarm is onder my kop, sy regterarm omhels my.

⁷Vroue van Jerusalem, ek smeeke julle en ek roep die ribbokke en die takbokke in die veld tot getuie: moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor ryp is nie.

⁸“Luister, daar kom die man wat ek liefhet! Hy spring oor die berge, hy wip oor die rante.

⁹Die man wat ek liefhet, maak soos 'n ribbok, soos 'n takboklam. Kyk, daar staan hy agter ons huis se muur, hy kyk by die venster in, hy loer deur die latwerk!

¹⁰Die man wat ek liefhet, praat, hy sê vir my: ‘Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe!

¹¹Kyk, die reëntyd is verby, die reën is oor, dis weg.

¹²Daar is bloeisels in die veld, dit het tyd geword om te sing; die tortelduif se stem klink oor ons land.

¹³Die voorvye kom al uit, die wingerde bot en versprei hulle geur. Staan op, my liefling, my mooiste, kom na my toe!

¹⁴My duif in die klipskeure, in die skuilplek teen die krans, wys my jou gesig, laat hoor my jou stem. Jou stem is strelend, jou gesig lieflik.’

¹⁵“Vang vir ons die jakkalse, die klein jakkalsies wat die wingerde verniel, ons wingerde wat al bot.

¹⁶“Die man wat ek liefhet, is myne, en ek syne. Hy laat sy skape tussen die lelies wei

¹⁷tot die aandwind begin waai en die skaduwees lank word. Kom terug, man wat ek liefhet, maak soos 'n ribbok, soos 'n takboklam op die Beterberge.

Hooglied 3

¹Op my bed in die nag het ek gesoek na hom wat ek liefhet; ek het hom gesoek en hom nie gekry nie.

²Ek het opgestaan en in die stad rondgegaan op die strate en die pleine, en hom gesoek wat ek liefhet; ek het hom gesoek en hom nie gekry nie.

³Die wagte wat die stad patroleer, het my daar gekry. Ek het gevra: ‘Het julle die man wat ek liefhet, gesien?’

⁴Skaars was ek by hulle verby of ek het hom wat ek liefhet, gekry. Ek het hom vasgegryp en hom nie laat los nie, ek het hom na my ma se huis toe gebring, na die kamer toe waar ek gebore is.

⁵Vroue van Jerusalem, ek smeeke julle en ek roep die ribbokke en die takbokke in die veld tot getuie: moenie die liefde wakker maak en aanvuur voor die tyd daarvoor ryp is nie.

⁶“Wie is dit wat daar soos 'n rookwolk uit die woestyn uit kom, omgewe deur die geur van mirre, van wierook, van al die lekkerruik-kruie in die handel?

⁷Kyk, sy drastoel is dié van Salomo self! Dit word begelei deur sestig soldate, van Israel se soldate,

⁸elkeen vaardig met die swaard, opgelei vir oorlog, elkeen met 'n swaard aan die sy, gereed vir die nag se gevare.

⁹Koning Salomo het van Libanonthout vir hom 'n drastoel laat maak.

¹⁰Die pote het hy van silwer laat maak, die leuning van goud, en die sitplek van pers wol. Die stoel se binnekant is inlegwerk, met liefde gedoen deur die vroue van Jerusalem.

¹¹Kom kyk na koning Salomo, vroue van Sion; hy dra die kroon waarmee sy moeder hom gekroon het op die dag van sy huwelik, die dag van sy grootste vreugde.”

Hooglied 4

Hy:

¹“Jy is mooi, my liefeling, jy is mooi, jou oë is duiwe agter jou sluier. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom.

²Jou tande is so wit soos 'n ry pasgeskeerde skape wat nou net skoon gewas is, elkeen met 'n tweeling, nie een sonder 'n lam nie.

³Jou lippe is soos skarlakenrooi lint, jou mond bekoor my. Die versiersels op jou voorkop is soos granaatpitte agter jou sluier.

⁴Dié aan jou nek is soos die Dawidstoring wat uit rye klip gebou is; aan hom hang duisend skilde, al die skilde van die helde.

⁵Jou twee borste is soos takboklammers, soos die tweeling van 'n ribbok wat tussen die lelies wei.

⁶Wanneer die aandwind begin waai en die skaduwees lank word, wil ek na my mirreberg, my wierookheuvel, toe gaan.

⁷Alles aan jou is mooi, my liefling, aan jou is niks verkeerd nie.

⁸Kom saam met my van die Libanon af, my bruid, kom saam met my van die Libanon af, kom af hier van die top van Amana, van die top van Senir en Hermon af, weg van die leeus se skuilplekke, weg van die luiperds se hoë lêplekke af.

⁹“Jy het my hart gesteel, my beminde bruid, jy het my hart gesteel met een kyk van jou oë, met een skakel in die ketting om jou hals.

¹⁰Ek hou van jou liefkosings, my beminde bruid, jou liefkosings is beter as wyn, jou parfuim ruik lekkerder as al die lekkerruik-kruie.

¹¹Jou lippe proe soos heuningstroop, my bruid, jou tong soos heuning en dikmelk, en jou klere ruik soos die Libanon.

¹²“My beminde bruid is 'n tuin wat toegemaak is, 'n tuin met 'n muur om, 'n fontein wat afgekamp is.

¹³Jou liggaam is 'n lushof, granaatbome met keurige vrugte, hennastruik saam met nardus,

¹⁴nardus en saffraan, kalmoes en kaneel saam met elke soort lekkerruik-kruie, mirre en aalwyn saam met al die beste lekkerruik-kruie.

¹⁵Daar is 'n fontein in my tuin, 'n put met borrelende water, strome van die Libanon af.”

Sy:

¹⁶“Word wakker, noordewind, kom, suidewind! Waai deur my tuin, versprei sy geur! Die man wat ek liefhet, kom na sy tuin toe; hy gaan die keurige vrugte daarvan eet.”

Hooglied 5

Hy:

¹“Ek het na my tuin toe gekom, my beminde bruid, ek pluk my mirre, my lekkerruik-kruie, ek eet my lekker vars heuning, ek drink my wyn en my melk. “Eet, vriende, drink, word dronk van die liefde.”

Sy:

²“Ek het geslaap maar my hart het wakker gebly. Toe hoor ek die man wat ek liefhet, klop en hy sê: ‘Maak vir my oop, my beminde bruid, my duif, my volmaakte! My kop is nat van die dou, my hare is nat van die nag se klammigheid!’

³“Toe sê ek: ‘Ek het al uitgetrek, hoekom moet ek weer aantrek? Ek het my voete al gewas, hoekom moet ek hulle weer laat vuil word?’

⁴“Maar die man wat ek liefhet, steek sy hand deur die opening, en my hart word onstuimig oor hom.

⁵Ek staan op om oop te maak vir die man wat ek liefhet terwyl my hande drup van die mirre, terwyl die mirre van my vingers af afloop op die deur se knoppe.

⁶Ek maak oop vir die man wat ek liefhet, maar die man wat ek liefhet, het omgedraai en is weg! Ek was so opgewonde toe hy gepraat het! Ek soek hom maar kry hom nie, ek roep hom maar hy antwoord nie.

⁷Die wagte wat die stad patroleer, kry my, hulle slaan my, hulle maak my seer; die wagte op die mure ruk my tjalie van my af.

⁸Vroue van Jerusalem, ek smeeek julle: As julle die man wat ek liefhet, raakloop, sê vir hom die liefde verteer my.”

Vroue:

⁹“Is die man wat jy liefhet, dan anders as ander, mooiste van al die vroue? Is die man wat jy liefhet, dan anders as ander dat jy ons so smeek? ”

Sy:

¹⁰“Die man wat ek liefhet, is blakend gesond en blosend van kleur; jy kan hom uitken tussen tien duisend ander.

¹¹Sy voorkop is soos suiwer goud, sy haarlokke soos dadeltrosse, so swart soos 'n kraai.

¹²Sy oë is soos die duiwe langs die spruite, duiwe wat lyk of hulle in melk gewas is waar hulle langs die water sit.

¹³Sy wange is soos die kruiebeddings waar lekkerruik-kruie groei. Sy lippe is soos lelies, hulle drup van mirre.

¹⁴Sy hande is soos stawe goud, met edelstene ingelê. Sy lyf is soos 'n blok ivoor, met saffiere ingelê.

¹⁵Sy bobene is soos marmerpilare wat op goue voetstukke rus. Sy voorkoms is soos dié van die Libanon, indrukwekkend soos die seders.

¹⁶Sy mond smaak soet, alles aan hom is begeerlik. So lyk die man wat ek liefhet, so lyk my lewensmaat, vroue van Jerusalem.”

Hooglied 6

Vroue:

¹“Waarheen is die man wat jy liefhet, mooiste van al die vroue? Waarheen is die man wat jy liefhet? Ons sal hom saam met jou soek.”

Sy:

²“Die man wat ek liefhet, is af na sy tuin toe, na die kruiebeddings toe om sy skape tussen die tuine te laat wei en om lelies te pluk.

³Ek behoort aan die man wat ek liefhet, en die man wat ek liefhet, is myne, hy wat sy skape tussen die lelies laat wei.”

Hy:

⁴“My liefeling, jy is so mooi soos Tirsa, so aantreklik soos Jerusalem, so indrukwekkend soos 'n afdeling vaandeldraers.

⁵Draai jou oë liewer weg van my af, hulle maak my onrustig. Jou hare is soos 'n trop bokke wat teen die Gileadberge afkom.

⁶Jou tande is so wit soos 'n trop ooie wat nou net skoon gewas is, elkeen met 'n tweeling, nie een sonder 'n lam nie.

⁷Die versiersels op jou voorkop is soos granaatpitte agter jou sluier.

⁸“Daar is sestig koninginne, tagtig byvroue, jong vroue sonder tal,

⁹maar sy, my duif, my volmaakte, is enig, die enigste dogter van haar ma, haar ma se oogappel. Die jongmeisies kyk na haar; hulle praat met bewondering oor haar, die koninginne en die byvroue sing haar lof.

¹⁰“Wie is dit wat soos die daeraad verskyn, so pragtig soos die maan, so helder soos die son, so indrukwekkend soos 'n afdeling vaandeldraers?

¹¹“Ek gaan af na die neuteboord toe, ek gaan kyk na die jong boompies by die spruit, ek gaan kyk hoe die wingerde bot, hoe die granaatbome bloei.

¹²Ek ken myself nie, dit is of sy my laat ry op die strydwa van die keur van my volk.”

Vroue:

¹³“Kom terug, kom terug, Sulammitiese vrou! Kom terug, kom terug dat ons jou kan sien! ”

Sy:

“Wat wil julle sien aan die Sulammitiese vrou waar sy dans in die soldatekamp?
”

Hooglied 7

Hy:

¹“Jou voete is so mooi in jou skoene, edel dogter, die rondings van jou heupe is soos juwele wat deur kunstenaarshande gemaak is.

²Jou naeltjie is 'n ronde kom waarin die kruiewyn nie ontbreek nie. Jou maag is 'n hoop koring met lelies omring.

³Jou twee borste is soos takboklamers, soos die tweeling van 'n ribbok.

⁴Jou nek is soos 'n toring van ivoor, jou oë soos die damme by Gesbon, by die poort van dié groot stad. Jou neus is soos die toring op Libanon wat na Damaskus toe kyk.

⁵Jou kop is soos die Karmel, jou hare soos rooi wol, jou haarlokke bekoor die koning.

⁶“Jy is so mooi, so bekoorlik, liefste, met soveel wat geniet kan word.

⁷Jou slanke gestalte is soos 'n palmboom, jou borste soos druiwetrosse.

⁸Ek dink ek gaan teen die palmboom opklim en sy trosse blomme gryp. Laat jou borste vir my soos trosse druiwe wees, die reuk van jou neus soos dié van appels,

⁹jou mond soos goeie wyn wat glad na binne gly vir die man wat jy liefhet, wat tussen sy lippe en sy tande deur vloei.”

Sy:

¹⁰“Ek behoort aan die man wat ek liefhet en dit is na my dat hy smag.

¹¹Kom, man wat ek liefhet, kom ons gaan veld toe, kom ons gaan slaap in die dorpies;

¹²ons gaan vroeg smôrens na die wingerde toe, ons gaan kyk of die wingerdstokke bot, of die botsels oop is en die granaatbome bloei. Daar sal ek my liefde vir jou gee.

¹³“Die liefdesappels versprei hulle geur; daar is allerlei keurige vrugte by ons deur, vars en oud; ek het hulle vir jou gebêre, man wat ek liefhet.

Hooglied 8

¹“Was jy maar my broer! Het jy ook maar aan my ma gedrink! Dan het ek jou gesoen as ek jou in die straat kry en niemand sou my daaroor kwalik geneem het nie.

²Dan het ek jou saamgevat en na my ma se huis toe gebring en het jy my daar die kuns van die liefde geleer. Dan het ek jou laat drink van my kruiewyn, van my granaatsap.

³“Sy linkerarm is onder my kop, sy regterarm omhels my!

⁴Ek smeeek julle, vroue van Jerusalem, wat is dit dat julle die liefde wakker maak en aanvuur voordat die tyd daarvoor ryp is? ”

Vroue:

⁵“Wie is dit wat daar uit die woestyn uit kom terwyl sy leun op die man wat sy liefhet? ”

Sy:

“Ek het jou wakker gemaak onder 'n appelboom, daar waar jou ma swanger geword het, waar sy wat jou in die wêreld gebring het, swanger geword het.

⁶Hou my teen jou soos die seëling op jou bors, soos die seëling aan jou arm. Die liefde is sterker as die dood, die hartstog magtiger as die doderyk; dit brand en vlam soos vuur.

⁷Strome water kan die liefde nie blus nie, riviere kan dit nie afkoel nie. Al wil iemand vir die liefde al die rykdom in sy huis betaal, hy sal daaroor uitgelag word.”

Haar broers:

⁸“Ons suster is nog klein, haar borste is nog nie ontwikkel nie. Wat kan ons vir ons suster doen die dag as hulle om haar hand begin meeding?

⁹As sy 'n muur was, het ons op haar 'n silwertoring gebou, as sy 'n deur was, het ons haar toegemaak met sederplanke.”

Sy:

¹⁰“Ek is 'n muur, en my borste is soos torings. Daarom is ek vir die man wat ek liefhet iemand wat hom gelukkig maak.”

Hy:

¹¹“Salomo het 'n wingerd gehad in Baäl-Hamon. Hy het die wingerd aan wagte toevertrou. Iemand sou vir die opbrengs goed elf duisend gram silwer wou gee.

¹²My wingerd is myne alleen. Hou maar die silwer, Salomo, en sit daar twee duisend gram by vir dié wat die opbrengs bewaak.

¹³Jy wat in die tuin woon en na wie se stem jou vriende luister, laat my jou stem hoor! ”

Sy:

¹⁴“Hardloop, man wat ek liefhet, maak soos die ribbok, soos die takboklam op die kruieberge! ”

Jesaja

Jesaja 1

Net Sion het oorgebly

¹Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het aangaande Juda en Jerusalem. Dit was in die regeringstyd van Ussia, Jotam, Agas en Hiskia, konings van Juda.

²Luister, hemele, gee aandag, aarde, want die Here het gesê: Ek het kinders grootgemaak en opgevoed, maar hulle het teen My in opstand gekom.

³'n Bees ken sy eienaar en 'n donkie die krip van sy baas, maar Israel ken My nie, my volk het geen begrip van wat Ek doen nie.

⁴Ellende wag vir julle, sondige nasie, volk met skuld belaa, geslag wat verkeerd handel, julle wat net afbreek, wat My, die Here, verlaat het, My, die Heilige van Israel, verag en vir My die rug gedraai het.

⁵Daar is nie meer plek waar nog aan julle geslaan kan word nie, en tog hou julle aan om van My af weg te draai. Die hele kop is vol seerplekke en die hele gestel is verswak.

⁶Van kop tot tone is daar nie een plek heel nie: dit is die ene kneusplekke, hale en rou wonde! Hulle is nie skoongemaak of verbind of met self behandel nie.

⁷Julle land is verwoes, julle stede is verbrand, voor julle oë verteer vreemdes julle landerye. Hulle het dit 'n verlate wêreld gemaak.

⁸Soos 'n skerm in 'n wingerd het Sion alleen oorgebly, soos die hut van 'n wagter in 'n komkommertuin. Sion is 'n beleërde stad.

⁹As die Here die Almagtige nie 'n klompie van ons laat oorbly het nie, sou ons soos Sodom geword het, ons sou net soos Gomorra gewees het.

Leer om weer goed te doen

¹⁰Luister na die woord van die Here, julle Sodomsleiers! Gee ag op wat ons God julle leer, julle Gomorrasvolk!

¹¹Wat het Ek aan julle baie offers? vra die Here. Ek is sat van die brandoffers van ramme en die vet van voerbeeste; die bloed van bulle en lammers en bokke staan My nie aan nie.

¹²As julle kom om voor My te verskyn, wie het julle gevra om my voorhowe te kom vertrap?

¹³Moenie langer julle nuttelose offergawes bring nie: Ek het 'n afsku van julle wierookoffers. Nuwemaansfeeste, sabbatsvierings, die uitroep van feesdae: Ek verdra nie feesviering met onreg saam nie.

¹⁴Julle nuwemaansfeeste en feesgetye haat Ek. Hulle is vir My 'n las, Ek is moeg daarvoor.

¹⁵As julle julle hande in gebed uitstrek, sal Ek my oë vir julle toemaak. Selfs al bid julle hoe baie, sal Ek nie luister nie, want julle hande is met bloed bevlek.

¹⁶Was julle, reinig julle. Moenie voor My verskyn as julle verkeerd doen nie. Hou op met kwaad doen.

¹⁷Leer om weer goed te doen, sorg dat daar reg geskied, gaan die verdrukker teë. Laat reg geskied aan die weeskinders, behartig die regsake van die weduwees.

¹⁸Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol.

¹⁹As julle gehoorsaam wil wees, sal julle die goeie van die land eet,

²⁰maar as julle weier en opstandig bly, sal die swaard julle eet, want dit is die Here wat dit gesê het.

²¹Die getroue stad het 'n ontrou slet geword! Die stad wat die tuiste van die reg was, waarin geregtigheid geskied het, is nou vol moordenaars!

²²Jou silwer het lood geword, jou bier is met water bederf.

²³Jou vorste is in opstand teen My, hulle is kop in een mus met diewe. Hulle is almal versot op korrupsie en is agter omkoopgeskenke aan. Hulle laat nie reg geskied aan weeskinders nie, hulle behartig nie die regsake van weduwees nie.

²⁴Daarom sê die Here die almagtige God, die Sterke van Israel: Ek sal afreken met my teëstanders. Ek sal My wreek op my vyande.

²⁵Ek sal teen jou optree; met loog sal Ek jou lood weer tot silwer suiwer, al jou afsaksel afskei.

²⁶Ek sal jou regeerders weer maak soos hulle vroeër was en jou leiers soos in die begin. Dan sal hulle jou weer noem: Stad van Geregtigheid, Getroue Stad.

²⁷Sion sal deur die oordeel vrygemaak word, dié wat hulle bekeer, deur 'n regverdige beslissing.

²⁸Wie oortree en sondig, sal almal verpletter word. Wie die Here verlaat, sal te gronde gaan,

²⁹want die afgodsbome waarop julle begeertes gerig was, sal julle vertrouwe beskaam, en julle sal teleurgestel staan met die tuine wat julle bo My verkies het.

³⁰Julle sal wees soos bome waarvan die blare verdroog het, soos tuine sonder water.

³¹Die sterke word 'n stuk lap en sy werk is die vonk: die twee sal saam brand sonder dat iemand die vuur blus.

Jesaja 2

Uit Sion kom die openbaring

¹Die openbaring wat Jesaja seun van Amos ontvang het oor Juda en Jerusalem.

²Daar kom 'n tyd dat die berg waarop die huis van die Here is, 'n blywende plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Al die nasies sal daarheen stroom,

³baie volke sal daarnatoe gaan en sê: “Kom, laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer, en

ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here.”

⁴Hy sal oordeel tussen die nasies, regsprek oor baie volke. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.

⁵Kom, volk van Jakob, laat ons lewe in die lig wat van die Here af kom.

Die hoogmoediges sal verneder word

⁶U het u volk Jakob verstoot: hulle gee hulle oor aan die waarsêery van die ooste, beoefen towery soos die Filistyne en hou saam met vreemdes vas aan bygeloof;

⁷hulle land lê vol silwer en goud, daar is geen einde aan hulle skatte nie; hulle land loop vol perde, daar is geen einde aan die getal van hulle strydwaens nie;

⁸hulle land is vol afgode, hulle buig voor die maaksel van hulle hande, voor wat hulle vingers gemaak het.

⁹So het mense hulleself verneder en tot 'n val gekom. U moet hulle dit nie vergewe nie.

¹⁰Vlug die rotse in, kruip weg in die grond vir die verskrikking wat van die Here kom en vir die glans van sy majesteit.

¹¹Die hoogmoediges sal tot 'n val kom, die selfversekerdes sal verneder word. Op dié dag sal net die Here hoog wees.

¹²Die Here die Almagtige het 'n dag bepaal teen al wat trots en hoog is, teen alles, hoog en laag,

¹³teen al die hoë en verhewe seders van die Libanon en teen al die groot bome van Basan;

¹⁴teen al die hoë berge en teen al die steil rante;

¹⁵teen elke hoë toring en teen elke skansmuur;

¹⁶teen al die handelskepe en teen al die vaartuie vol kosbaarhede.

¹⁷Die hoogmoediges sal verneder word, die selfversekerdes sal tot 'n val kom. Op dié dag sal net die Here hoog wees.

¹⁸Die afgode sal heeltemal verdwyn.

¹⁹As die Here die aarde begin skud, vlug die mense in grotte in die rotse en in gate in die grond in vir die verskrikking wat van Hom kom en vir die glans van sy majesteit.

²⁰Daardie dag sal die mense die afgode van silwer en goud wat hulle gemaak het om voor te buig, weggooi vir die rotte en die vlermuise.

²¹As die Here die aarde begin skud, sal hulle die rotsholtes en die klipskeure invlug vir die verskrikking wat van Hom kom en vir die glans van sy majesteit.

²²Moenie op mense staatmaak nie: hulle blaas so maklik die laaste asem uit. Hulle is min werd.

Jesaja 3

Juda het in duie gestort

¹Die Here die almagtige God gaan uit Jerusalem en Juda elke stut en steunpilaar verwyder: almal wat sorg vir brood en water,

²elke weerbare burger, elke soldaat, regter, profeet, waarsêer, leier,

³offisier, hoë amptenaar, raadgewer, kundige vakman en ervare besweerder.

⁴Die Here sal aan onvolwassenes gesag gee oor die volk, wispelturige mense sal oor hulle heers.

⁵Die volk sal mekaar te lyf gaan, man teen man, vriend teen vriend; seuns sal grysaards te lyf gaan, en dié wat nie gesag het nie, die vooraanstaandes.

⁶As iemand sy broer in die ouerhuis pak en sê: “Jy het darem nog behoorlike klere, wees ons leier en regeer oor hierdie vervalte spul,”

⁷sal hy op daardie dag uitroep: “Ek wil nie die leiding neem nie! Daar is nie kos en ook nie behoorlike klere in my huis nie; moet my nie aanstel as leier van die volk nie.”

⁸Jerusalem het gewaggel, Juda het in duie gestort omdat hulle hulle met woord en daad teen die Here en teen sy gesag verset het.

⁹Hulle partydigheid in die regspraak getuig teen hulle. Hulle sondig openlik soos Sodom, hulle steek niks weg nie. Ellende wag vir hulle, hulle het die ramp verdien!

¹⁰Sê vir die regverdiges met hulle sal dit goed gaan; hulle sal die vrug van hulle daade geniet.

¹¹Maar ellende wag vir die skuldiges; wat hulle gedoen het, sal aan hulle gedoen word.

¹²My volk het kinders as regeerders, vrouens as heersers. My volk, jou leiers verlei jou en bring jou van koers af.

¹³Die Here is gereed vir die regspraak, Hy staan klaar om oor die volk te oordeel.

¹⁴Die Here begin die saak teen die leiers en die hoë amptenare van sy volk: Julle het die wingerde gestroop; wat van die hulpeloses geroof is, lê in julle huise.

¹⁵Wat besiel julle dat julle my volk vertrap en die hulpeloses verdruk? vra die Here my God, die Almagtige.

¹⁶Verder het die Here gesê: Omdat die vrouens van Sion hoogmoedig is en kop in die lug rondloop terwyl hulle ogies maak, wegstap met trippelgang en hulle enkelringe laat rinkel,

¹⁷sal Ek, die Here, hulle hare afskeer. Ja, die Here sal hulle koppe kaalskeer.

¹⁸Op dié dag sal die Here die versiersels wegneem: enkelringe, sonnetjies en maantjies,

¹⁹oorbelletjies en armbande, sluiers

²⁰en hooftooisels, voetkettinkies, versierde gordels, reukwater en gelukbringertjies,

²¹ringe en neusringe,

²²feesklere, mantels en tjalies, handsakkies

²³en spieëltjies, spogrokkies, kopdoekies en skouermanteltjies.

²⁴In plaas van reukwater sal daar stank wees, in plaas van 'n gordel 'n tou, in plaas van gekrulde hare 'n kaalkop, in plaas van 'n fyn kledingstuk 'n harige roukleed, in plaas van skoonheid die brandmerk van 'n slaaf.

²⁵Jerusalem, jou manne sal deur die swaard val en jou jongmanne in die oorlog.

²⁶Jou poorte sal treur en rou, en jy sal sonder mense sit.

Jesaja 4

¹Daardie dag sal sewe vrouens een man beetpak en sê: “Ons sal ons eie brood eet en self vir ons klere sorg. Laat ons net jou naam dra, neem ons smaad weg!”

Die Here sal die inwoners van Jerusalem reinig

²Daardie dag sal alles wat die Here laat uitspruit, mooi en weelderig wees. Dié uit Israel wat vrygekom het, sal trots wees op die opbrengs van die land en hulle daarin verlustig.

³Wie in Sion oorgebly het, wie in Jerusalem bewaar gebly het, elkeen in Jerusalem wat vir die lewe opgeskryf is, sal heilig genoem word.

⁴Die Here sal die inwoners van Sion reinig van hulle wandade en Hy sal die bloed wat aan die hande van Jerusalem kleef, verwyder deur die Gees wat oordeel en verteer.

⁵Dan sal die Here bedags 'n wolk en snags die rook en glans van 'n vlamme vuur skep oor elke woonplek op Sionsberg en oor al die bymekaarkomplekke daar. Sy magtige teenwoordigheid sal alles beskut.

⁶Daar sal 'n skuiling wees, 'n skaduwee teen die hitte bedags, 'n skuilplek en toevlug teen stortbuie en reën.

Jesaja 5

Wat kan Ek nog vir my wingerd doen?

¹Ek wil sing oor Hom wat ek liefhet, ek wil my liefdeslied sing oor sy wingerd: Hy wat ek liefhet, besit 'n wingerd op 'n vrugbare heuwel.

²Hy het die grond omgespit en die klippe verwyder, dit beplant met veredelde wingerdstokke. Hy het 'n wagtoring daarin gebou en 'n parskuip uitgekap. Hy het verwag dat dit goeie druiwe sou dra, maar toe bring dit druiwe voort wat suur bly.

³En nou, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, beslis tog tussen My en my wingerd.

⁴Wat kan Ek nog vir my wingerd doen wat Ek nie reeds gedoen het nie? Wat is dan die rede dat dit suur druiwe voortgebring het terwyl Ek verwag het dat dit goeie druiwe sou dra?

⁵Ek maak julle nou bekend wat Ek met my wingerd gaan doen: Ek gaan die doringheining verwyder en verbrand, sy muur afbreek, sodat die wingerd vertrap kan word.

⁶Ek gaan hom tot niet maak. Hy sal nie meer gesnoei of geskoffel word nie, maar ingeneem word deur doringbosse en onkruid. Ek sal die wolke verbied om daarop te reën.

⁷Die wingerd van die Here die Almagtige, die wingerd wat Hy geplant het en waarin Hy Hom wou verlustig, is die Israeliete, die volk van Juda. Die Here het verwag dat daar reg sou wees, maar daar was net onreg, dat daar geregtigheid sou wees, maar daar was net die hulpgeroep van veronregtes.

Ellende wag vir die volk van die Here

⁸Ellende wag vir julle wat huis na huis inpalm, die een plaas na die ander in die hande kry, totdat daar geen plek vir ander oorbly nie en net julle grondeienaars in die land is.

⁹Ek het die Here die Almagtige 'n eed hoor neem: Die baie huise, so groot en mooi, sal murasies word, sonder bewoners.

¹⁰'n Wingerd waaraan tien dae lank geploeg word, sal net een mandjie druiwe oplewer, en 'n sak saad net een kruik vol graan.

¹¹Ellende wag vir dié wat vroeg in die môre opstaan om agter sterk drank aan te loop en hulle tot laataand dronk te drink aan wyn.

¹²Daar is liere en harpe, tamboeryne, fluite, en wyn by hulle fuifpartye. Maar van wat die Here doen, neem hulle geen notisie nie, sy dade sien hulle nie raak nie.

¹³Omdat my volk My nie wil ken nie, sal hulle in ballingskap weggevoer word. Volk en leiers sal saam van honger sterf, omkom van dors.

¹⁴Die doderyk maak sy keel wyd oop vir hulle, hy sper sy bek groot oop. Daarin sak die vooraanstaandes en die gewone burgers weg, die hele rumoerige gepeupel.

¹⁵So word mense verneder en kom hulle tot 'n val. So kom hoogmoed tot 'n val.

¹⁶Die Here die Almagtige is verhewe, Hy laat reg geskied; die heilige God laat Hom ken as die Heilige, Hy oordeel regverdig.

¹⁷Op die puinhope sal lammers wei asof hulle op hulle eie weiveld is, skape sal rustig daar vreet.

¹⁸Ellende wag vir dié wat hulle deur afgodsdien vaswoel in die bande van ongeregtigheid, wat verstriek raak in die kettings van sonde.

¹⁹Hulle sê: “Hy moet gou maak, Hy moet sy werk gou doen dat ons dit kan sien! Wat die Heilige van Israel wil doen, moet gou gebeur dat ons dit kan weet.”

²⁰Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.

²¹Ellende wag vir dié wat dink hulle het die wysheid in pag, wat dink hulle het baie verstand.

²²Ellende wag vir dié wat helde is by wyndrinkery, dapper by die meng van hulle drank,

²³wat die skuldige vrysprek vir omkoopgeld, maar 'n onskuldige sy reg ontnem.

²⁴Daarom, soos stoppels deur vuur verteer word en hooi in vlamme opgaan, so sal dit met hulle gaan. Hulle sal met wortel en tak uitgeroei word, want hulle het hulle nie gesteur aan die openbaring van die Here die Almagtige nie, hulle het die woord van die Heilige van Israel verwerp.

²⁵Daarom het die Here kwaad geword vir sy volk. Hy het sy hand teen hulle uitgesteek en hulle getref, sodat die berge gebewe het en die lyke soos vuilgoed op die strate gelê het. Ondanks dit alles bedaar die toorn van God nie en bly sy hand uitgesteek teen hulle.

²⁶Uit die verte versamel Hy 'n nasie onder sy vaandel, Hy roep hulle na Hom toe uit 'n ver land. Hulle kom gou en vinnig.

²⁷Niemand is moeg nie, nie een struikel nie, nie een is traag of aan die slaap nie. Geen gordel hang los nie, geen skoenriem is stukkend nie.

²⁸Hulle pyle is skerp, al hulle boë gespan, hulle perde se pote is hard soos klip. Die wiele van hulle strydwaens draai soos warrelwinde.

²⁹Hulle brul soos leeus, soos sterk jong leeus wat brul en hulle prooi bespring en dit wegsleep sonder dat iemand dit kan afvat.

³⁰Daardie dag sal die vyand aangestorm kom met 'n gedreun soos dié van die see. As 'n mens na die land kyk, sal daar benouende duisternis wees, die lig sal verdwyn voor die donker wolke.

Jesaja 6

Jesaja word geroep om profeet te wees

¹In die jaar van koning Ussia se dood het ek die Here gesien. Hy het op 'n baie hoë troon gesit, en die onderste van sy kleed het die tempel gevul.

²By Hom was daar serafs om Hom te dien. Elkeen het ses vlerke gehad: met twee het hy sy gesig bedek, met twee sy voete en met twee het hy gevlieg.

³Die serafs het mekaar telkens toegeroep: “Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid.”

⁴Hulle het so hard geroep dat die deure in hulle kosyne gerammel het en die tempel vol rook geword het.

⁵Toe het ek uitgeroep: “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.”

⁶Een van die serafs het toe 'n gloeiende kool met 'n tang van die altaar af gevat en na my toe gevlieg.

⁷Hy het my mond aangeraak met die kool en gesê: “Noudat die gloeiende kool jou lippe aangeraak het, is jou oortredinge vergewe, jou sonde versoen.”

⁸Toe het ek die Here hoor vra: “Wie kan Ek stuur? Wie sal ons boodskapper wees? ” Ek het geantwoord: “Hier is ek! Stuur my! ”

⁹Toe het die Here gesê: “Gaan sê vir hierdie volk: Julle sal hoor en hoor en tog sal julle niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.”

¹⁰Verder het Hy vir my gesê: “Maak hierdie volk traag van begrip, maak hulle ore doof en hulle oë blind sodat hulle nie met hulle oë sien, met hulle ore hoor, en met hulle verstand begryp en hulle hulle bekeer en genees word nie.”

¹¹Toe vra ek: “Tot wanneer, Here? ” En Hy het geantwoord: “Totdat die stede verwoes en sonder inwoners is, totdat die huise verlate is en die land in 'n puinhoop omskep is,

¹²totdat Ek, die Here, die mense ver weggevoer het, en die land heeltemal verlate is.

¹³Selfs al is daar net 'n tiende oor, sal die land nog verder verwoes word. “Maar soos van 'n akkerboom of 'n terpentynboom 'n stomp bly staan wanneer dit afgekap word, so sal daar vir die land 'n stomp oorbly: die gewyde geslag.”

Jesaja 7

Immanuel sal gebore word

¹In die tyd toe Agas, seun van Jotam en kleinseun van Ussia, koning van Juda was, het die Aramese koning Resin en die Israelitiese koning Peka seun van

Remalja 'n veldtog teen Jerusalem onderneem. Die veldtog het egter op niks uitgeloop nie.

²Die berig dat die Arameërs reeds in die Israelitiese gebied in Efraim kamp opgeslaan het, het vir Agas, die koning uit die geslag van Dawid, in Jerusalem bereik, en hy en sy volk het baie bang geword. Hulle het gebewe soos die bome in die bos bewe in die wind.

³Die Here het toe vir Jesaja gesê: Vat jou seun Sear-Jasub saam en gaan ontmoet vir Agas op die pad na die Bleikveld toe by die punt van die kanaal uit die boonste dam.

⁴Sê vir hom: Bedaar! Bly kalm! Moenie bang wees nie! Moet jou nie ontstel oor hierdie twee stukke brandhout nie, hulle rook net. Moenie bang wees vir die dreigemente van Resin en sy Arameërs en van Peka seun van Remalja nie.

⁵Die Arameërs en die Efraimiete onder leiding van die seun van Remalja beplan jou ondergang.

⁶Hulle het vir mekaar gesê: Kom ons val Juda aan en oorrompel hom. Dan verdeel ons die land onder ons en ons maak die seun van Tabeal koning van Juda.

⁷Maar so sê Ek, die Here jou God: Dit sal nie plaasvind nie, dit sal nie gebeur nie,

⁸want dit is maar net Damaskus wat die hoofstad van Aram is en net Resin wat die koning van Damaskus is. Efraim sal binne vyf en sestig jaar so verwoes word dat hy geen volk meer sal wees nie,

⁹want dit is maar net Samaria wat die hoofstad van Efraim is en net Peka seun van Remalja wat koning van Samaria is. Maar ook julle sal nie standhou as julle nie in geloof standhou nie.

¹⁰Verder het die Here gesê: Jy moet ook nog vir Agas sê:

¹¹Vra van die Here jou God 'n teken, enigiets, diep uit die doderyk of uit die hoogtes daarbo.

- ¹²Maar Agas het geantwoord: “Ek sal niks vra nie, ek sal die Here nie tart nie.”
- ¹³Toe sê Jesaja: “Luister, geslag van Dawid! Is dit vir julle nie genoeg om mense te vermoei nie, dat julle nou ook my God moet vermoei?
- ¹⁴Die Here sal daarom self vir julle 'n teken gee: 'n Jong vrou sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring en sy sal hom Immanuel noem.
- ¹⁵Hy sal net dikmelk en heuning hê om te eet totdat hy weet om te verwerp wat verkeerd is en te kies wat goed is.
- ¹⁶Maar voordat die seuntjie weet om die verkeerde te verwerp en die goeie te kies, sal die lande van die twee konings vir wie jy bang is, verwoes lê.
- ¹⁷“Wat jou, jou volk en jou familie betref, die Here sal 'n tyd oor julle laat kom soos daar nie was sedert die dae toe Efraim van Juda af weggebreek het nie. Dit sal gebeur deur die koning van Assirië.
- ¹⁸“In dié tyd sal die Here fluit vir die vlieë ver langs die riviere van Egipte en vir die bye in Assirië.
- ¹⁹Hulle sal almal kom en gaan sit in die steil klowe en in die rotsskeure en op al die doringbosse en by al die drinkplekke.
- ²⁰“In dié tyd sal die Here julle kaalskeer, die hare op julle koppe en op julle liggame, en ook julle baarde. Hy sal dit doen met 'n skeermes wat oorkant die Eufraat gehuur is, die koning van Assirië.
- ²¹“In dié tyd sal iemand wat net 'n jong koei en twee ooie aan die lewe hou,
- ²²dikmelk hê om te eet danksy die oorfloed melk wat hulle gee. Dié wat in die land oorbly, sal almal dikmelk en heuning eet.
- ²³“In dié tyd sal elke stuk grond waar 'n duisend waardevolle wingerdstokke gestaan het, oortrek wees van dorings en dissels.
- ²⁴'n Mens sal daar net met 'n pyl en boog kan kom, omdat die hele land vol dorings en dissels sal wees.

²⁵Uit vrees vir die dorings en dissels sal niemand meer êrens op die heuwels kan kom wat voorheen met 'n pik bewerk is nie. Dit sal net 'n plek wees waar 'n mens beeste injaag en wat deur kleinvee vertrap word.”

Jesaja 8

Jesaja se seun as teken

¹Die Here het vir my gesê: Vat 'n stuk leer en skryf daarop met 'n pen: Plunder en roof is naby.

²Ek sal betroubare getuies vir My laat optree: Urija die priester en Sagaria seun van Jeberekja.

³Na 'n tyd het my vrou swanger geword en 'n seun in die wêreld gebring. Die Here het toe vir my gesê: Noem hom: Plunder-en-Roof-is-Naby,

⁴want voordat die seuntjie pa of ma kan sê, sal die rykdom van Damaskus en die besittings van Samaria as buit na die koning van Assirië toe gevat word.

Die oordeel oor Juda

⁵Die Here het verder met my gepraat:

⁶“Omdat hierdie volk Siloag se kalm waters verwerp het en bang geword het vir Resin en vir Peka seun van Remalja,

⁷sal die Here die magtige vloedwaters van die Eufraat oor hulle laat kom: die Assiriese koning met al sy mag. Die Eufraat sal oor al sy oewers stoot, oor al sy walle spoel.

⁸Hy sal Juda binnedring, die hele land oorstroom en daardeur vloei totdat hy skouerhoogte bereik. Hy sal sy vlerke uitsprei totdat dit jou land heeltemal oordek, Immanuel.”

⁹Doen maar kwaad, volke, julle sal inmekaar stort! Luister, al julle ver plekke van die aarde! Maak maar klaar vir die geveg, julle sal inmekaar stort! Maak maar klaar vir die geveg, julle sal inmekaar stort!

¹⁰Smee maar planne, dit sal verydel word! Pleeg maar oorleg, daar sal niks van kom nie! God is by ons!

¹¹In sy groot mag het die Here my gewaarsku om nie die voorbeeld van hierdie volk te volg nie. Hy het gesê:

¹²Julle moenie alles 'n sameswering noem wat hierdie volk 'n sameswering noem nie. Julle moenie bang wees en skrik vir die dinge waarvoor hulle bang is nie.

¹³Julle moet die Here die Almagtige eer as die Heilige. Vir Hom moet julle vrees en vir Hóm moet julle bang wees.

¹⁴Hý sal vir julle 'n veilige beskutting wees, maar vir die twee koninkryke Juda en Israel sal Hy 'n klip wees waarteen 'n mens jou stamp, 'n rots waaroor jy struikel. Vir die inwoners van Jerusalem sal Hy 'n vangnet en 'n strik wees.

¹⁵Baie van hulle sal struikel en val, verstrik en gevang word; hulle sal verpletter word.

¹⁶Bly eers stil oor my prediking, laat my volgelinge vir hulleself hou wat ek hulle geleer het.

¹⁷Ek vertrou op die Here wat Hom vir die nageslag van Jakob verberg, op Hóm hoop ek.

¹⁸Hier is ek en die kinders wat die Here vir my gegee het. Ons is in Israel lewende getuies van die Here die Almagtige wat op Sionsberg woon.

¹⁹Mense sê julle moet mediums en spiritiste raadpleeg wat fluister en mompel, maar moet 'n volk nie sy God raadpleeg nie? Waarom sou 'n mens dooies in belang van lewendes raadpleeg?

²⁰Terug na die wet en die getuienis van die Here! Wie nie volgens hierdie woord praat nie, is sonder toekoms!

²¹Bedruk en honger sal hy deur die land trek. Wanneer die hongersnood hom tref, sal hy kwaad word en sal hy sy koning en sy God vervloek. Hy sal boontoe

²²en ondertoe kyk, maar hy sal niks anders sien as benoudheid en donkerte nie, die volslae duisternis en donkerte waarin hulle gedryf is.

'n Seun is gebore

²³Maar in die land waar daar duisternis is, sal daar nie langer donkerte wees nie. In die verlede het die Here die gebiede Sebulon en Naftali verneder, maar in die toekoms sal Hy die pad na die see van Galilea toe, die Jordaanstreek en die gebied van die heidene in ere herstel.

Jesaja 9

¹Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor dié wat in die donker land was, het 'n lig geskyn.

²U het dié wat nie meer 'n nasie was nie, baie gemaak, hulle blydschap groot gemaak. Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly soos mense bly is in die oestyd, soos hulle juig wanneer hulle die buit verdeel.

³Soos die dag toe Midian verslaan is, het U die juk verbreek wat op die volk gedruk het, die stok waarmee hulle geslaan is, waarmee hulle gedryf is.

⁴Elke soldateskoe wat in die oorlog gebruik is, en elke uniform wat met bloed bevlek is, sal verbrand word, deur die vuur verteer word.

⁵Vir ons is 'n Seun gebore, aan ons is 'n Seun gegee; Hy sal heers, en Hy sal genoem word: Wonderbare Raadsman, Magtige God, Ewige Vader, Vredevors.

⁶Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal dié koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

Die Here spreek sy volk aan

⁷Die Here het 'n boodskap gestuur vir Jakob, vir Israel; Hy het hulle aangespreek:

⁸Die hele volk, Efraim en die inwoners van Samaria wat so trots en selfversekerd is, moet dit weet. Hulle sê:

⁹“Die huise van roustene het wel omgeval, maar ons sal met gekapte klip bou; die wildevyebome is wel afgekap, maar ons sal dit met seders vervang.”

¹⁰Die Here gee aan Resin se teëstanders die oorhand oor hom en hits sy vyande aan.

¹¹Arameërs uit die ooste en Filistyne uit die weste het vir Israel met een hap verslind. Ondanks dit alles bedaar die toorn van die Here nie; sy hand bly uitgesteek teen hulle.

¹²Die volk het hulle egter nie bekeer tot Hom deur wie hulle gestraf is nie, hulle het nie gevra na die wil van die Here die Almagtige nie.

¹³Daarom sal die Here vir Israel heeltemal vernietig op een enkele dag; Hy sal kop en stert, palmtak en biesie, afsny.

¹⁴Die leiers en die koning se gunsteling is die kop, die profete wat leuens verkondig, is die stert.

¹⁵Dié wat die volk moes lei, het hulle mislei, en dié wat gelei moes word, is verwar.

¹⁶Almal is godloos en sleg, elke mond laster teen die Here. Daarom sal selfs die volk se jongmense die Here nie meer vreugde verskaf nie en sal Hy nie langer barmhartig wees oor die volk se weeskinders en weduwees nie. Ondanks dit alles bedaar die toorn van die Here nie; sy hand bly uitgesteek teen hulle.

¹⁷Die goddeloosheid brand soos 'n vuur. Dit verteer dorings en dissels en steek die digte takke van die bos aan die brand, sodat hulle in 'n rookkolom verdwyn.

¹⁸Onder die straf van die Here die Almagtige brand die land weg, die volk het vuurmaakhout geword; die een mens bekommer hom nie oor die ander nie.

¹⁹Elkeen verslind links en regs maar kry nie genoeg nie. So verteer hy sy eie krag.

²⁰Manasse veg teen Efraim, Efraim teen Manasse, en saam veg hulle teen Juda. Ondanks dit alles bedaar die toorn van die Here nie; sy hand bly uitgesteek teen hulle.

Jesaja 10

¹Ellende wag vir julle wat kwaad bevorder met die wette wat julle maak, wat met julle ordonnansies mense laat ly:

²julle verdraai die reg van die armes, julle ontsê die armes van my volk hulle regte, julle buit weduwees uit, julle plunder weeskinders.

³Wat gaan julle doen op die dag van afrekening wanneer die straf wat nou nog ver is, julle tref? Na wie toe sal julle hardloop om hulp, en waar sal julle julle besittings wegsteek?

⁴Al wat vir julle sal oorbly, is om te buig soos 'n gevangene of om te sterf. Ondanks dit alles bedaar die toorn van die Here nie; sy hand bly uitgesteek teen hulle.

Teen Assirië

⁵Ellende wag vir Assirië, Assirië, die stok waarmee Ek sal straf, die werktuig van my toorn!

⁶Ek stuur hom teen die godlose nasie, Ek beveel hom om op te trek teen die volk vir wie Ek kwaad is, om hulle te beroof en te plunder, om hulle te vertrap soos modder in die strate.

⁷Maar dit is nie wat Assirië in gedagte het nie, ook nie wat hy beplan nie. Sy bedoeling is om te vernietig, om baie nasies uit te roei.

⁸Hy vra: “Is al my vorste nie konings nie?

⁹Het dit nie met Kalne gegaan soos met Karkemis nie, met Hamat soos met Arpad nie, met Samaria soos met Damaskus nie?

¹⁰Ek het nog altyd die koninkryke van ander gode ingeneem, gode wie se beelde meer was as dié van Jerusalem en Samaria.

¹¹Sal ek nie met Jerusalem en sy gode kan doen wat ek met Samaria en syne gedoen het nie? ”

¹²Maar wanneer die Here alles wat Hy op Sionsberg en in Jerusalem wil doen, afgehandel het, sal Hy die koning van Assirië straf oor sy trots en selfversekerdheid,

¹³want die koning van Assirië het gesê: “Ek het dit met my eie mag gedoen, met my eie insig en verstand. Ek het die grenslyne van volke verskuif en hulle voorrade geplunder; ek het hulle inwoners met my mag onderwerp.

¹⁴Asof ek my hand in 'n nes steek, het ek die rykdomme van volke gevat; soos iemand eiers wat rondlê, bymekaarmaak, so het ek al die lande van die aarde onder my verenig. Nie een het 'n vlerk geklap of sy bek oopgemaak en geskree nie.”

¹⁵Kan 'n byl grootpraat teen die een wat met hom kap? Of kan 'n saag hom groot hou teen die een wat met hom saag? Kan 'n stok die een swaai wat hom optel, kan 'n lat die een oplik wat hom gebruik?

¹⁶Daarom sal die Here ons God, die Almagtige, die vernames van Assirië laat krepeer van ellende en sy besittings laat verteer deur 'n vuur wat aanhou brand.

¹⁷Die Lig van Israel sal die vuur wees, die Heilige van Israel die vlam: in 'n enkele oomblik sal die vlam hulle geringes, die dorings en dissels, verbrand en verteer,

¹⁸en ook hulle aansienlikes, die vrugteboorde en die vrugbare velde. Dit sal hulle volkome vernietig.

¹⁹Die bome wat in die bos, Assirië, oorbly, sal so min wees dat 'n klein seuntjie dit sal kan tel.

Die oorblyfsel van Israel sal terugkom

²⁰In dié tyd sal dié wat in Israel, in Jakob oorgebly het en ontkom het, nie meer hulle vertrouwe stel in Assirië deur wie hulle vertrap is nie, maar hulle sal net op die Here, die Heilige van Israel, vertrou.

²¹Daar sal 'n oorblyfsel terugkom na die magtige God toe, die oorblyfsel van Jakob.

²²Al sou jou mense, Israel, so baie wees soos die sand van die see, net 'n oorblyfsel sal na die land toe terugkom. Maar die verdelging staan vas, die vergelding kom aan soos 'n vloed:

²³Die Here ons God, die Almagtige, het vas besluit om die hele land te verdelg.

²⁴Daarom, so sê die Here ons God, die Almagtige: My volk wat op Sion woon, moenie bang wees vir die Assiriërs nie, vir dié wat vir julle vertrap het en slawe gemaak het van julle, soos Egipte gedoen het.

²⁵My toorn teen julle sal nog net 'n kort rukkie duur, dan sal dit die Assiriërs uitroei.

²⁶Die Here die Almagtige sal hulle met 'n sweep slaan, soos vir Midian by die Orebrots; Hy sal sy stok oor die water uitsteek en die Assiriërs tref soos Hy met die Egiptenaars gedoen het.

²⁷In dié tyd sal Hy die las verwyder wat hulle op julle skouers gelê het, en ook hulle juk van julle nek af; die juk sal heeltemal van julle af afgeruk word.

Opmars en vernietiging van die Assiriërs

²⁸Die Assiriërs oorval Aja; hulle trek deur Migron; in Mikmas bêre hulle hulle voorrade.

²⁹Hulle trek oor die pas en sê: “Ons wil vannag in Geba kamp opslaan.” Die inwoners van Rama bewe, dié van Gibeon van Saul slaan op die vlug.

³⁰Skreeu, mense van Gallim! Luister, inwoners van Lajesha! Arme Anatot!

³¹Die inwoners van Madmena vlug, dié van Gebim soek skuiling!

³²Nog vandag sal die Assiriërs in Nob kamp opslaan, en daarvandaan sal hulle beduie in die rigting van die Sionsberg, die heuwel waarop Jerusalem lê.

³³Maar dan sal die Here ons God, die Almagtige, die takke van die bos, Assirië, met geweld afkap. Die hoë bome sal afgekap word, die grotes sal val.

³⁴Die Here sal die digte takke van die bos met 'n byl afkap; die Libanon sal val voor die magtige God.

Jesaja 11

Die loot uit die stomp van Isai

¹'n Takkie sal uitspruit uit die stomp van Isai, 'n loot uit sy wortels sal vrugte dra.

²Die Gees van die Here sal op hom rus: die Gees wat wysheid en insig gee, die Gees wat raad en sterkte gee, die Gees wat kennis verleen en eerbied vir die Here.

³Die takkie sal vreugde vind in die diens van die Here. Hy sal nie regsprek volgens uiterlike skyn nie en nie oordeel volgens hoorsê nie.

⁴Hy sal die armes billik verhoor en die ootmoediges in die land regverdig oordeel. Hy sal die goddeloses in die land hard oordeel, met sy uitsprake sal hy hulle om die lewe bring.

⁵Hy sal regverdig en betroubaar regeer.

⁶Wolwe en skape sal dan saam bly, luiperds sal tussen bokkies lê, kalwers, leeus en voerbeeste sal bymekaar wees en klein seuntjies sal vir almal sorg.

⁷Koeie en bere sal saam wei, hulle kleintjies sal bymekaar lê, leeus sal gras eet soos beeste.

⁸Babatjies sal by die gate van adders speel, klein kindertjies sal hulle hande uitsteek na giftige slange.

⁹Op my heilige berg sal niemand kwaad aanrig of iets verniel nie, want die aarde sal so vol wees van die kennis van die Here soos die see vol water is.

¹⁰In dié tyd sal iemand uit die geslag van Isai 'n vaandel wees vir die volke. Die nasies sal na hom vra, en sy woonplek sal hoë aansien geniet.

¹¹In dié tyd sal die Here 'n tweede keer sy hand uitsteek om die oorblyfsel van sy volk los te koop, almal wat oorgebly het in Assirië, Egipte, Patros, Kus, Elam, Sinar, Hamat en die kuslande rondom die Middellandse See.

¹²Die Here sal 'n vaandel oprig onder die nasies en sal die ballinge van Israel bymekaarmaak, die verstrooides van Juda laat saamkom van die uithoeke van die aarde af.

¹³Efraim se naywer sal verdwyn, en Juda se teëstanders sal uitgeroei word. Efraim sal nie weer jaloers wees op Juda nie, en Juda sal nie weer vyandig wees teenoor Efraim nie.

¹⁴Saam sal hulle in die weste die Filistyne aanval en saam sal hulle die mense in die ooste plunder. Hulle sal die Edomiete en die Moabiete verslaan, en die Ammoniete sal aan hulle onderdanig wees.

¹⁵Die Here sal die Nyldelta laat opdroog. Hy sal 'n skroeiende wind teen die Eufraat stuur en net sewe kanale daarvan laat oorbly wat 'n mens met jou skoene aan kan deurloop.

¹⁶Daar sal vir die oorblyfsel van sy volk wat in Assirië is, 'n grootpad wees soos daar was toe Israel uit Egipte getrek het.

Jesaja 12

God is my Redder

¹Op daardie dag sal jy sê: “Ek loof U, Here! U was kwaad vir my, maar U is nou nie meer kwaad nie en U het vir my uitkoms gegee.

²God is my redder; Ek vertrou op Hom, ek is nie meer bang nie. Die Here my God is my krag en my beskerming; Hy is my redder.”

³Met blydschap sal julle water skep uit die fonteine van redding.

⁴Op dié dag sal julle uitroep: “Loof die Here, roep sy Naam aan, maak sy daede onder die volke bekend en verkondig dat sy Naam groot is.

⁵Sing tot die eer van die Here, want Hy het groot dinge gedoen, maak dit aan die hele wêreld bekend.

⁶Jubel en juig, inwoners van Sion, want groot is die Heilige van Israel en Hy is by julle! ”

Jesaja 13

Teen Babel

¹'n Uitspraak teen Babel wat deur die Here aan Jesaja seun van Amos geopenbaar is:

²Hou 'n vaandel op bo-op 'n kaal heuwel, ontbied die leërmag, wink hulle nader met die hand: hulle moet die poorte van die trotse stad binnedring!

³Ek, die Here, het soldate in diens geneem, Ek het hulle ontbied om my oordeel te voltrek, hulle wat hulle verheug oor my mag.

⁴Hoor die gedreun op die berge, soos dié van 'n groot leërmag. Hoor die rumoer van die koninkryke, van nasies wat saamgespan het! Die Here die Almagtige maak 'n leër gereed vir die oorlog.

⁵Hulle kom uit 'n ver land, van die uithoeke van die aarde af; die Here en die werktuie van sy oordeel kom om die hele land te verwoes.

⁶Huil, want die dag van die Here is naby; dit bring verwoesting, dit kom van die Almagtige af.

⁷Almal se hande sal slap hang, almal se harte sal verstyf van angs.

⁸Hulle sal skrikbevange raak, krampe en pyne sal hulle oorval; soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring, sal hulle inmekaarkrimp. Hulle sal mekaar beangs aankyk, wit van die skrik.

⁹Die dag van die Here het nou gekom, dit is 'n wrede dag, 'n dag van gramskap en gloeiende toorn, 'n dag waarop die land verwoes en sy sondaars uitgeroei word.

¹⁰Die sterre en die sterrebeelde sal nie meer lig gee nie, die son sal al donker wees wanneer hy opkom, die maan sal ophou lig gee.

¹¹Ek sal die land straf oor sy boosheid, die goddeloses vir hulle sonde. Ek sal 'n einde maak aan die hoogmoed van die vermeteles, Ek sal dié wat hoogmoedig en verwaand is, verneder.

¹²Ek sal mense skaarser maak as suiwer goud, skaarser as die goud uit Ofir.

¹³Ek sal die hemel skud, die aarde sal uit sy plek uit geruk word, Ek, die Here die Almagtige, doen dit in my gramskap die dag wanneer my toorn ontvlam.

¹⁴Soos 'n ribbok wat opgejaag is, soos 'n skaap wat nie opgepas word nie, so sal die mense uit Babel padgee, elkeen na sy eie volk toe, so sal elkeen na sy eie land toe vlug.

¹⁵Wie gevang word, sal doodgesteek word, wie ingehaal word, sal om die lewe gebring word.

¹⁶Hulle babatjies sal voor hulle oë papgeslaan word, hulle huise sal geplunder en hulle vrouens verkrag word.

¹⁷Kyk! Ek maak die Mediërs Babel se vyande, hulle gee nie om vir silwer nie en is nie erg oor goud nie!

¹⁸Hulle pyle sal die jongmanne deurboor; met babatjies sal hulle geen meegevoel hê nie, hulle sal kinders nie verskoon nie.

¹⁹Babel, die sieraad onder die koninkryke, die pronkstuk en trots van die Galdeërs, sal deur God verwoes word soos Sodom en Gomorra.

²⁰Die stad sal nooit meer bewoon word nie, niemand sal ooit weer daarin bly nie. Geen Arabier sal sy tent daar opslaan nie, geen wagter sal sy kudde daar laat rus nie.

²¹Net woestyndiere sal daar gaan lê; die huise sal vol uile wees; volstruise sal daar bly en veldgode sal daar rond dans;

²²hiënas sal in die paleise huil, jakkalse in die huise waar feesgevier is. Die stad se ondergang is hier, sy dae is getel.

Jesaja 14

¹Die Here sal Hom ontferm oor Jakob, Hy sal Israel weer sy volk maak en hulle weer in hulle eie land laat woon. Vreemdelinge sal by hulle aansluit en hulle vereenselwig met Jakob.

²Ander volke sal hom vat en in sy land bring. Hulle sal Israel se eiendom word, slawe en slavinne in die land van die Here. Israel sal dié gevange hou deur wie hy gevange weggevoer is, en hy sal heers oor dié wat hom onderdruk het.

³Die dag wanneer die Here vir jou rus gee van jou lyding en jou verdrukking en van die slawewerk wat jy moes doen,

⁴sal jy hierdie spotlied oor die koning van Babel sing: Die verdrukker se einde het gekom, die lyding wat hy veroorsaak het, is op 'n end.

⁵Die Here het die heerskappy van die goddeloses verbreek, die mag van die oorheersers.

⁶Die verdrukker het in sy gramskap volke getref met straf wat nie opgehou het nie, hy het in sy toorn nasies vertrap, hulle sonder medelye agtervolg.

⁷Die hele aarde het nou rus en vrede, sy inwoners juig en sing.

⁸Selfs die sipresse en die seders op die Libanon is bly oor wat met jou gebeur het, Babel. Hulle sê: “Vandat jy verslaan is, klim niemand na ons toe op om ons af te kap nie! ”

⁹Die doderyk daaronder kom in beroering omdat jy soontoe kom. Dié wat reeds daar is, word wakker gemaak, almal wat leiers op aarde was; almal wat konings van nasies was, moet van hulle trone af opstaan.

¹⁰Almal begin praat, hulle sê vir jou: “Jy is nou net so swak soos ons, jy het soos ons geword! ”

¹¹Jy het met jou hoogmoed, met die klank van jou harpmusiek en al in die doderyk beland. Jy lê tussen die maaiers, jy is oortrek van die wurms.

¹²Jy wat die helder môrester was, het uit jou hemel geval. Jy wat 'n oorwinnaar van nasies was, is in die grond in verpletter.

¹³En dit jy, jy wat gedink het: ek klim op hemel toe, ek gaan my troon neersit bokant die hoogste sterre, ek gaan my plek inneem op die berg waar die gode mekaar ontmoet, ver in die noorde;

¹⁴ek klim op tot bokant die wolke, ek word soos die Allerhoogste self.

¹⁵Maar jy stort af in die doderyk, af tot in sy diepste deel.

¹⁶Dié wat jou daar sien, sal jou aangaap, hulle sal jou bekyk en vra: “Is dit die man wat die aarde laat bewe het, wat koninkryke laat wankel het,

¹⁷die man wat die wêreld onbewoon gemaak het en die stede vernietig het, die man wat sy gevangenes nie vrygelaat het om terug te gaan huis toe nie? ”

¹⁸Al die konings van die nasies is met eer begrawe, elkeen in sy eie graf.

¹⁹Maar jy word nie begrawe nie, jy word weggegooi soos 'n boomtak wat klaar vrot is. Jy lê toe onder die lyke van dié wat doodgesteek is. Jy is soos dooie aas wat vertrap word. Ander word begrawe in grafte in die rots,

²⁰maar jy word nie begrawe nie, want jy het jou eie land verwoes en jou eie mense laat doodmaak. Die naam van 'n skurk word nie in gedagtenis gehou nie.

²¹Maak reg die plek om sy seuns dood te maak oor die sondes van hulle voorgeslag, dat die seuns nie die aarde in besit kan neem en die wêreld vol stede bou nie.

²²Ek sal hulle aanval, sê die Here die Almagtige. Ek sal maak dat die gedagtenis aan die koning van Babel verdwyn, dat daar niks van hom oor is nie, nie een enkele afstammeling nie, sê die Here.

²³Ek maak sy land 'n blyplek vir uile, 'n rietmoeras. Ek vee Babel weg met 'n besem wat verwoes, sê die Here die Almagtige.

Teen Assirië

²⁴Die Here die Almagtige het 'n eed afgelê: Soos Ek My voorgeneem het, so sal dit wees, wat Ek besluit het, sal gebeur.

²⁵Ek sal die Assiriërs verpletter in my land, hulle op my berge vertrap. Die juk wat op my volk gedruk het, sal weggevat word, die las wat Assirië hulle laat dra het, sal verwyder word.

²⁶Dit is die besluit wat vir die hele aarde geneem is, my hand is klaar uitgesteek teen al die nasies om hulle te oordeel.

²⁷Die Here die Almagtige het dit besluit; wie sal dit kan verydel? Sy hand is uitgesteek; wie sal die oordeel kan afweer?

Teen die Filistyne

²⁸In die jaar van koning Agas se dood is hierdie uitspraak gemaak:

²⁹Julle Filistyne moenie almal so bly wees dat die stok waarmee julle geslaan is, verbreek is nie, want in die plek van die een slang kom 'n giftiger een, en uit dié se eier kom daar 'n vlieënde draak.

³⁰Die armstes in Israel sal iets hê om te eet, sý behoeftiges sal veilig woon, maar julle Filistyne se nageslag laat Ek van honger sterf, wat van julle oor is, word deur die honger verteer.

³¹Huil, poorte! Skreeu, stede! Smelt weg, Filistyneland! Daar kom rookwolke uit die noorde, die vyand se manskappe kom aan, almal in gelid!

³²Wat sal 'n mens die boodskappers van dié nasie antwoord? Die Here het vir Sion tot stand laat kom, sy geteisterde volk vind daar skuiling!

Jesaja 15

Teen Moab

¹n Uitspraak van die Here teen Moab: Ar-Moab is oornag verwoes, vernietig. Kir-Moab is oornag verwoes, vernietig.

²Die inwoners van Dibon gaan na die hoogtes toe om te huil, die Moabiete treur oor Nebo en Medeba. Die Moabiete se koppe is kaalgeskeer, hulle baard is afgesny,

³hulle dra rouklere op die strate, hulle huil op die dakke en die pleine, hulle vergaan van verdriet.

⁴Die mense van Gesbon en Elale skreeu van angs, dit word tot by Jahas gehoor. Selfs Moab se soldate skreeu, hulle moed begeef hulle.

⁵My hart brand oor Moab. Sy mense het gevlug tot by Soar, tot by Eglat-Selisija. Hulle klim die opdraand na Lugit toe huil-huil uit, op pad na Goronajim toe skreeu hulle oor die ramp wat hulle getref het.

⁶Die water van Nimrim het opgedroog, die gras het verdor, die plante het verdwyn, daar is geen groenigheid meer nie.

⁷Die Moabiete vat wat hulle gespaar en opgegaar het, en dra dit oor Wilgerspruit.

⁸Hulle geroep weerklink deur die hele gebied van Moab, hulle gehuil word gehoor tot by Eglajim en Beër-Elim.

⁹Die water van Dibon is vol bloed, maar Ek sal erger rampe oor hom bring, sê die Here. Ek laat dié wat uit Moab ontkom het en dié wat oor is in die land, deur leeus verskeur.

Jesaja 16

¹Stuur uit Sela in die woestyn na Sionsberg toe lammers vir die regeerder van die land,

²want soos voëltjies wat rondfladder nadat hulle uit die nes geskop is, so drom die mense van Moab by die Arnon se driwwe saam.

³Hulle sê vir Juda: “Gee vir ons raad, maak 'n plan, laat u skaduwee oor ons val, maak dit donker oor ons op hierdie snikhete dag, beskerm dié wat verjaag is, moenie die vlugteling uitlewer nie!

⁴Neem Moab se vlugteling in beskerming, wees vir ons 'n skuilplek teen dié wat vir ons wil vernietig! ” Wanneer die nood verby is, die verwoesting tot 'n einde kom en dié wat die land vertrap, weg is,

⁵sal die Here in sy trou 'n troon oprig, en daarop sal 'n heerser sit uit die nageslag van Dawid. Hy sal betroubaar wees: hy sal hom beywer vir wat reg is, hy sal reg laat geskied.

⁶Ons het gehoor van die hoogmoed van Moab, van sy trots, sy vermetelheid, sy hoogmoed, sy hovaardigheid, maar sy grootpraterij het tot niks gelei nie!

⁷Daarom huil Moab nou oor Moab, hulle huil almal, hulle kerm verslae oor die rosyntjiekoeke van Kir-Geres,

⁸want die wingerde op die terrasse van Gesbon en die wingerde van Sibma verwelk. Hulle wyn het heersers van nasies dronk gemaak, dié wingerde wat gestrek het tot by Jaser, gerank het tot in die woestyn. Hulle ranke het welig gegroei en tot by die see gekom.

⁹Ek huil saam met Jaser oor die wingerde van Sibma, my trane vloei oor julle, Gesbon en Elale, want julle het nie meer 'n vrugteoes en 'n graanoes nie, daar is nie meer oesvreugde nie;

¹⁰vreugde en gejuig het verdwyn uit die vrugteboorde; in die wingerde word daar nie meer gesing en gejubel nie, in die parskuipe word daar nie meer wyn uitgetrap nie, want Ek maak 'n einde aan die oesvreugde, sê die Here.

¹¹Dit kerm in My oor Moab, dit kerm soos 'n lier, my binneste kerm oor Kir-Geres.

¹²Wanneer Moab na hulle hoogtes toe gaan en hulle daar afsloof om offers te bring, wanneer hulle na hulle heiligdomme toe gaan om te bid, is dit tevergeefs.

¹³Dit is wat die Here vantevore oor Moab gesê het.

¹⁴En nou sê die Here: Binne drie jaar, drie jaar wat so ondraaglik sal wees as wat dit vir 'n dagloner is, sal van Moab se mag en van al sy baie mense min oor wees. Wat oor is, sal min en niks werd wees.

Jesaja 17

Teen Damaskus en Efraim

¹'n Uitspraak van die Here teen Damaskus: Damaskus gaan ophou om 'n stad te wees, hy word 'n puinhoop.

²Die buitedorpe van Aroër sal verlate lê, daar sal net kleinvee wees. Hulle sal daar lê en niemand sal hulle opjaag nie.

³Vestingstede sal verdwyn uit Efraim, koninklike mag uit Damaskus. Wat van die Arameërs oorbly, sal so min mag hê soos die Israeliete, sê die Here die Almagtige.

⁴Daardie dag sal Jakob se mag onbeduidend word en sy voorspoed sal verdwyn.

⁵Dit sal wees soos wanneer iemand wat oes, die graanhalms bymekaargevat en die are afgesny het. Dit sal wees soos wanneer iemand ook die are wat geval het, opgetel het in Spooklaagte.

⁶As dan nog iets agterbly om te oes, sal dit wees soos nadat olywe afgeslaan is: twee of drie rypes aan die punt van 'n tak, vier of vyf aan die takkies wat gedra het, sê die Here die God van Israel.

⁷Daardie dag sal die mens weer sy hoop op sy Maker vestig, sy hulp van die Heilige van Israel verwag.

⁸Hy sal nie meer sy hoop vestig op die altare, die werk van sy eie hande nie. Hy sal nie hulp verwag van die gewyde pale en die wierookaltare wat hy self gemaak het nie.

⁹Daardie dag sal Israel se vestingstede verlate lê, so verlate soos die boswêreld waaruit die inwoners destyds vir die Israeliete gevlug het. Die stede sal sonder inwoner wees.

¹⁰Jy, Israel, het die God wat jou altyd gehelp het, verlaat; jy het gemaak of die Rots wat jou toevlug was, nie meer daar is nie. Lê maar pragtige tuine aan vir jou afgode, plant maar allerlei uitheemse struik;

¹¹al kan jy hulle laat groei dieselfde dag as jy hulle plant, hulle laat uitspruit die môre as jy hulle in die grond sit, van die oes sal niks kom wanneer siekte en smart jou tref nie.

¹²Ellende wag vir die baie nasies wat net so onstuimig as die see is, die opstandige volke wat te kere gaan soos magtige waters,

¹³die opstandige volke wat te kere gaan soos die groot waters. Wanneer die Here hulle aanspreek, sal hulle ver weg vlug, weggedryf oor die berge soos kaf voor die wind, soos tolbosse voor 'n stormwind.

¹⁴Die aand nog saai die nasies verskrikking maar voor dit môre is, is hulle weg. Dit is wat sal gebeur met dié wat nou ons land stroop, dit is die bestemming van dié wat ons besittings plunder.

Jesaja 18

Die mense van Kus sal geskenke bring

¹Ellende wag vir die land met die insekteplae, die land aan die riviere van Kus!

²Hy stuur gesante oorsee, hy stuur hulle in papyrusbote oor die water. Gaan terug, gesante wat so haastig is, gaan terug na julle lang mense toe, hulle met die blink velle, julle volk wat wyd en syd gevrees word, wat gewoon is om alles met mag plat te trap, en wie se land deur riviere deursny word.

³Julle almal wat in die wêreld woon, julle bewoners van die aarde, kyk wanneer die vaandel opgesteek word op die berge, luister wanneer die ramshoring blaas!

⁴So het die Here vir my gesê: Ek sal rustig uit my woonplek ondertoe kyk, ongestoord soos die hittegolwe op 'n warm dag, soos 'n miswolk in die somerhitte.

⁵Voor die tyd van die graanoes, wanneer die bloeityd van die wingerd verby is, en die blomme druiwe geword het wat besig is om ryp te word, word die wingerdlote met snoeimesse afgesny en die ranke afgebreek en weggegooi.

⁶Die ranke word oorgelaat aan die roofvoëls uit die berge en aan die wilde diere. In die somer sit die roofvoëls op die ranke, in die winter lê die wilde diere daarop.

⁷In dié tyd sal daar geskenke aan die Here die Almagtige gebring word uit die land wat deur riviere deursny word. Dit sal kom van die lang mense met die blink velle, die volk wat wyd en syd gevrees word, die nasie wat gewoon is om alles met mag plat te trap. Hulle sal die geskenke bring na Sionsberg toe, na die plek toe waar die Here die Almagtige geroem word.

Jesaja 19

Teen Egipte

¹'n Uitspraak van die Here teen Egipte: Die Here ry op 'n vinnige wolk, Hy gaan na Egipte toe. Egipte se gode is bang vir Hom, die Egiptenaars se harte verstyf van angs.

²Ek, die Here, sal die een Egiptenaar die vyand van die ander maak: broer sal teen broer veg, vriend teen vriend, stad teen stad, koninkryk teen koninkryk.

³Egipte se planne sal tot niet gaan, Ek sal sy planne verydel. Hulle sal gode gaan raadpleeg, besweerders, mediums, spiritiste.

⁴Ek sal die Egiptenaars oorgee in die mag van 'n harde regeerder, 'n streng koning sal oor hulle heers, sê die Here die Almagtige, die Koning.

⁵Die water van die Nyl sal wegdroog, die rivier sal leeg word en opdroog.

⁶Die kanale sal stink, Egipte se waterstrome sal sak en opdroog. Die riete en biesies sal verdroog,

⁷die waterplante langs die Nyl by die Nylmond. Alles wat langs die Nyl gesaai is, sal verdroog, dit sal wegwaai en verdwyn.

⁸Die vissers sal kla en huil: almal wat met 'n hoek visvang en dié wat hulle nete in die rivier oopgooi, sal verdwyn.

⁹Dié wat vlas verwerk, sal nie hulle werk kan doen nie, dié wat die vlas uitkam en weef, sal moed verloor.

¹⁰Egipte se wewers sal platgeslaan wees, al sy loonarbeiders sal bekommerd wees.

¹¹Die leiers van Soan is dwaas, die slimste raadgewers van die farao gee slegte raad. Hoe kan julle vir die farao sê: “Ons is van die slim manne, afstammelinge van die konings van vroeër”?

¹²Egipte, waar is jou wyse manne nou? Laat hulle jou tog vertel sodat jy kan weet wat die Here die Almagtige teen Egipte besluit het.

¹³Die leiers van Soan se planne het niks gehelp nie, die leiers van Memfis het bedroë daarvan afgekom. Die beste raadgewers van Egipte het hom op 'n dwaalspoor gebring.

¹⁴Die Here het hulle verwar; wat Egipte ook al doen, hulle het hom op 'n dwaalspoor gebring. Soos 'n dronk mens waggel hy in sy braaksel rond.

¹⁵Niemand in Egipte kan hom meer red nie, nie die leiers of die slawe nie, nie dié met aansien of dié daarsonder nie.

¹⁶Daardie dag sal die Egiptenaars soos vrouens wees. Egipte sal bewe van angs wanneer hulle sien dat die Here die Almagtige sy hand teen hulle optel om hulle te straf.

¹⁷Juda sal vir Egipte 'n verskrikking wees; elkeen wat hom aan Juda herinner, sal hom bang maak. Hy sal bang wees vir wat die Here die Almagtige oor hom besluit het.

¹⁸Daardie dag sal die inwoners van vyf Egiptiese stede Hebreeus praat, en wanneer hulle 'n eed aflê, sal hulle dit in die Naam van die Here die Almagtige doen. Een van hulle sal Die Verwoeste Stad genoem word.

¹⁹Daardie dag sal daar binne-in Egipte 'n altaar en op sy grense 'n klippilaar wees wat aan die Here gewy is.

²⁰Hulle sal dien as tekens en hulle sal getuig van die Here die Almagtige se teenwoordigheid in Egipte. As die Egiptenaars tot die Here roep omdat hulle verdruk word, sal Hy 'n redder vir hulle stuur. Hy sal hulle saak behartig en hulle red.

²¹Dan sal die Here Hom aan die Egiptenaars bekend maak, en op daardie dag sal hulle Hom leer ken. Hulle sal die Here met diereoffers en met graanoffers dien, en hulle sal hulle geloftes aan Hom nakom.

²²Die Here sal die Egiptenaars straf, Hy sal straf en genees. Hulle sal hulle tot die Here bekeer, en Hy sal hulle goedgesind wees en hulle genees.

²³Daardie dag sal daar 'n grootpad van Egipte af tot by Assirië loop. Die Assiriërs sal Egipte besoek, en die Egiptenaars Assirië, en hulle sal saam die Here dien.

²⁴Daardie dag sal Israel die derde wees, en saam met Egipte en Assirië sal hulle vir die aarde tot 'n seën wees.

²⁵Die Here die Almagtige sal hulle seën en sê: Geseënd is my volk Egipte, geseënd is Assirië wat deur My geskep is, en geseënd is Israel, my eiendom.

Jesaja 20

Die teken van 'n kaal profeet

¹Op 'n keer het koning Sargon van Assirië die hoof van sy leër na die Filistynse stad Asdod toe gestuur. Hy het teen dié stad oorlog gemaak en dit verower.

²In daardie tyd het die Here vir Jesaja seun van Amos gesê: Trek jou klere uit en ook jou skoene. Jesaja het dit gedoen: hy het sonder klere en sonder skoene rondgeloop.

³Toe Asdod ingeneem is, het die Here gesê: Soos my dienaar Jesaja drie jaar lank sonder klere en sonder skoene rondgeloop het as 'n lewende getuie teen Egipte en teen Kus,

⁴so sal die koning van Assirië die krygsgevangenes uit Egipte en die ballinge uit Kus, oud en jonk, sonder klere en sonder skoene, kaal, in ballingskap wegvoer. Dit sal vir Egipte 'n skande wees.

⁵Hulle wat op Kus vertrou het en oor Egipte grootgepraat het, sal teleurgestel staan en bedroë daarvan afkom.

⁶Daardie dag sal die inwoners van die kuslande sê: “Kyk wat het gebeur met die mense op wie ons vertrou het, na wie toe ons gehardloop het om ons teen die koning van Assirië te help en ons uit sy mag te red. Hoe sal ons nou vrykom?”

Jesaja 21

Teen Babel

¹'n Uitspraak van die Here teen Babel: Soos warrelwinde deur die Suidland trek, so kom daar iemand uit die woestyn, uit die land waarvoor almal bang is.

²'n Harde oordeel is aan my geopenbaar: die verraaier pleeg verraad, die verwoester saai verwoesting. Elam, jy moet oorlog maak! Medië, jy moet begin veg! Die Here maak 'n einde aan al die lyding.

³Skrik oorweldig my, angs oorval my soos dié van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring. Ek is verskrik oor wat ek gehoor het, ek is bang oor wat ek gesien het.

⁴My verstand staan stil, angs oorweldig my, die rustigste deel van die dag is nou vir my 'n verskrikking.

⁵'n Tafel word gedek, die eetgerei is reggesit, hulle begin eet en drink! Dan kom die bevel: “Leiers, wees gereed! Smeer die skilde met olie!”

⁶So het die Here vir my gesê: Sit 'n wag uit, hy moet sê wat hy sien.

⁷As hy 'n strydwa sien, 'n strydwa met perde, of 'n strydwa met donkies, of een met kamele, moet hy baie goed oplet.

⁸Die wag het uitgeroep: “Meneer, ek het die hele dag deur wag gestaan, ek het die hele nag op my pos gebly.

⁹Daar kom 'n man op 'n strydwa, 'n strydwa met perde. Hy hou aan roep: Geval, geval het Babel, al sy afgodsbeelde lê stukkend op die grond! ”

¹⁰My volk, jy wat vertrap is op die dorsvloer, ek het vir jou gesê wat die Here vir my gesê het, die Almagtige, die God van Israel.

Teen Edom

¹¹'n Uitspraak van die Here teen Duma: Iemand roep na my van Seïr af: “Wag, wanneer is die nag verby? Wag, wanneer is die nag verby? ”

¹²Die wag antwoord: “Die môre het gekom, maar dit is nog nag. As julle weer wil kom vra, kom vra gerus, julle kan elke keer weer kom vra.”

Teen Arabië

¹³'n Uitspraak van die Here teen Arabië: Handelaars van Dedan, julle wat in die bosse van Arabië oornag,

¹⁴gee water vir dié wat dors het; julle wat in Tema woon, bring kos vir die vlugteling!

¹⁵Die mense vlug vir die oorlog: vir die swaard wat wil doodmaak, vir die boog wat reg is om te skiet. Die mense vlug vir die wrede oorlog.

¹⁶Dit het die Here vir my gesê: Binne 'n jaar, 'n jaar wat so ondraaglik sal wees soos dit vir 'n dagloner is, sal daar 'n einde kom aan Kedar se rykdom.

¹⁷Selfs van sy dapper soldate wat met pyl en boog veg, sal maar min oorbly! Die Here die God van Israel het dit gesê.

Jesaja 22

Teen Jerusalem

¹⁻²'n Uitspraak van die Here teen die plek waar visioene gesien word: Stad wat altyd vol rumoer was, wat altyd uitbundig en uitgelate feesgevier het, stad waar dié wat gesneuwel het, nie deur die swaard geval het nie, nie in 'n oorlog omgekom het nie, waarom het jou mense nou almal op die dakke van die huise geklim?

³Al jou leiers het soos een man op die vlug geslaan, hulle is gevang sonder dat 'n enkele pyl afgeskiet is. Dié wat gevang is, is almal saam gevang toe hulle ver weg gevlug het.

⁴Daarom het ek gesê: “Gee pad van my af. Ek is hartseer, moet my nie probeer troos oor die ramp wat my volk getref het nie.”

⁵Die Here my God, die Almagtige, bring oor die plek waar visioene gesien word 'n dag waarop Hy die plek in beroering sal bring, waarop Hy dit sal vertrap en vernietig, die stadsmure sal afbreek. Sy inwoners sal na die berg toe roep om hulp.

⁶Elam kom met pyl en boog, hulle ry op strydwaens en perde, Kir maak sy oorlogswapens gereed.

⁷Juda se vlaktes waarop hy trots is, staan vol strydwaens en perderuiters, sy stadspoorte is beleër,

⁸sy vestingmure sal afgebreek word. Dan sal julle gryp na die wapens in die Paleis van die Bos,

⁹julle sal sien hoe baie gate daar is in die mure van die Dawidstad en julle sal die water van die onderste kanaal opdam,

¹⁰en die huise in Jerusalem nagaan. Julle sal party huise afbreek om die stadsmuur te versterk

¹¹en julle sal 'n dam tussen die mure bou vir die water van die ou kanaal. Julle het nie geluister na Hom wat die stad gemaak het nie, julle het Hom wat dit lank gelede gestig het, nie gehoorsaam nie.

¹²Daardie dag sal die Here my God, die Almagtige, julle roep om te huil en te treur, om julle koppe kaal te skeer en om rouklere aan te trek.

¹³Maar nou is julle nog vrolik en plesierig, julle slag beeste en kleinvee, julle eet vleis en julle drink wyn, julle sê: “Laat ons eet en drink, want môre is ons dood.”

¹⁴Die Here die Almagtige het aan my bekend gemaak: Hierdie sonde sal julle tot die dag van julle dood toe nie vergewe word nie. Dit het die Here my God, die Almagtige, gesê.

'n Waarskuwing aan Sebna

¹⁵Die Here my God, die Almagtige, het vir my gesê: Gaan na daardie hoë amptenaar, na Sebna toe, wat in beheer is van die paleis, en sê vir hom:

¹⁶Wat maak jy hier? Wie dink jy is jy dat jy hier vir jou 'n graf bou, 'n graf hier teen die hoogte soos dié van 'n koning, soos een wat vir hom 'n blyplek in die rots gereed maak?

¹⁷Die Here sal jou weggooi, Hy sal jou ver weggooi, jou verwaande vent, en jou behoorlik toepak!

¹⁸Hy sal jou styf toerol soos 'n mens 'n mummie toerol en jou weggooi in 'n groot land. Dáár sal jy sterf, daar by jou strydwaens waarmee jy so spog, jy wat 'n skande is vir jou koning!

¹⁹Die Here sal jou uit jou amp ontslaan, Hy sal jou wegvat uit die plek waar jy in diens is.

²⁰Dan sal Ek my dienaar Eljakim seun van Gilkija roep, sê die Here,

²¹Ek sal jou ampskleed vir hom aantrek, jou serp vir hom omhang en die gesag wat jy nou het, vir hom gee. Hý sal vir die mense van Jerusalem en vir die inwoners van Juda 'n vader wees.

²²Aan hom sal Ek die sleutels van die koning se huis gee; wat hý oopsluit, sal niemand toesluit nie, wat hý toesluit, sal niemand oopsluit nie.

²³Ek sal hom in sy amp bevestig, hy sal wees soos 'n spyker wat goed ingeslaan is, in sy amp sal hy die trots van sy hele familie word.

²⁴Maar wanneer die trots van sy hele familie, sy nageslag en sy veraf familie, selfs van die geringes onder hulle, aan hom hang soos kombuisgereedskap aan 'n spyker,

²⁵sê die Here die Almagtige, sal die spyker wat goed ingeslaan is, ingee; dit sal afbreek en val, en die vrag wat daaraan gehang het, sal tot niet gaan. Die Here het dit gesê.

Jesaja 23

Teen Tirus

¹'n Uitspraak van die Here teen Tirus: Huil, bemannings van die skepe wat op pad is na Tarsis toe, want julle moederstad is verwoes. Julle het dit gehoor toe julle van Kittiërland af gekom het.

²Julle moet stil wees, inwoners van die eiland, julle wat handel dryf met Sidon, julle wie se rykdom oor die see aankom!

³Oor die groot waters word die graan van die Sigor, die oes van die Nyl, na Tirus toe gebring; daarmee dryf die nasies handel.

⁴Laat sak jou kop in skaamte, Sidon, want die see, die vestingstad van die see, sê: “Ek het nooit geboortepyne gehad nie, ek het nie kinders in die wêreld gebring nie; ek het nie jongmanne grootgemaak, dogters opgevoed nie.”

⁵Die Egiptenaars sal skrik wanneer hulle die berig oor Tirus hoor.

⁶Julle moet na Tarsis toe vaar. Huil, inwoners van die eiland!

⁷Is dit die stad wat altyd feesgevier het, die stad wat al so lank bestaan, die stad wie se mense in ver lande gaan woon het?

⁸Wie het die besluit geneem oor die ondergang van Tirus, Tirus wat krone vir konings uitgedeel het, wie se handelaars soos prinse ontvang is, wie se sakelui die meeste op die aarde geëer is?

⁹Die Here die Almagtige het dit besluit. Hy breek die trots, Hy maak die hoogmoed tot niks, Hy verneder dié wat oor die hele aarde geëer word!

¹⁰Bewerk julle grond soos dit by die Nyl gedoen word, inwoners van Tarsis, want daar is nie meer 'n hawe om mee handel te dryf nie.

¹¹Die Here het sy hand oor die see uitgesteek en Hy skud die koninkryke. Hy het bevel gegee om Fenisië se vestingstede te vernietig.

¹²Hy het gesê: “Sidon, jou dae van feesvier is op 'n end, jy sal verwoes word. Maak klaar, vlug oor na die Kittiers toe! Ook dáár is nie rus vir jou nie.”

¹³Kyk na die Galdeërs se land, sy volk bestaan nie meer nie: hulle land is deur die Assiriërs 'n woonplek vir woestyndiere gemaak, die Assiriërs het stormramme daarteen opgerig en die paleise platgestamp, dit 'n puinhoop gemaak.

¹⁴Huil, bemannings van die skepe wat op pad is Tarsis toe, want die stad waarvan julle afhanklik was, is verwoes.

¹⁵In daardie tyd sal Tirus sewentig jaar lank vergete lê, die leeftyd van 'n koning. Aan die einde van die sewentig jaar sal dit met Tirus gaan soos in die lied oor die prostituut:

¹⁶“Vat jou lier, stap deur die stad, vergete prostituut! Speel mooi, sing baie liedjies sodat hulle weer aan jou kan dink! ”

¹⁷Na sewentig jaar sal die Here vir Tirus herstel. Die stad sal weer handel dryf, hy sal weer met al die koninkryke van die aarde sake doen.

¹⁸Sy wins en verdienste sal vir die Here afgesonder word, dit sal nie opgegaar of gebêre word nie, want sy wins sal bestem wees vir dié wat in die diens van die Here is, om vir hulle volop kos en mooi klere te koop.

Jesaja 24

Die Here gaan die aarde verwoes

¹Die Here gaan die aarde verwoes, vernietig, sy voorkoms verander en sy inwoners verstrooi.

²Dieselfde lot gaan almal tref: priester en volk, slaaf en besitter, slavin en eienares, koper en verkoper, uitlener en lener, skuldeiser en skuldenaar.

³Die aarde sal verwoes word, heeltemal verwoes word, dit sal leeg geplunder word. Die Here het dit gesê.

⁴Die aarde sal droog word, uitdroog, die wêreld sal wegkwyne van droogte; hemel en aarde sal vergaan,

⁵want die aarde is verontreinig deur sy inwoners: hulle was ongehoorsaam aan die wet van die Here, hulle het sy voorskrifte geminag, sy vaste verbond verbreek;

⁶daarom sal 'n vloek die aarde verteer en sal sy inwoners boet vir hulle sonde; daarom sal die inwoners van die aarde verbrand word, en daar sal min mense oorbly.

⁷Die wingerde sal verdroog en die wyn sal skaars word; wie vrolik was, sal sug.

⁸Die tamboeryne sal nie meer gehoor word nie, daar sal nie meer 'n oeslied wees nie, die lier sal nie meer gehoor word nie.

⁹Niemand sal meer sing as hy wyn drink nie, bier sal galbitter word vir dié wat dit drink.

¹⁰Die stad sal afgebreek word, dit sal onbewoonbaar word. Die huise is toegeval, niemand kan daar inkom nie.

¹¹In die strate sal mense kerm om wyn, die gejuig sal verdwyn, op die aarde sal daar geen vreugde meer wees nie.

¹²In die stad sal alles verwoes wees, die stadspoorte sal daar rondlê, stukkend geslaan.

¹³Dit sal so kaal wees op die aarde en onder die volke soos wanneer die olywe afgeslaan en die laaste druiwe van die wingerde afgeoes is.

¹⁴Die mense wat oorbly, sal juig, hulle sal die mag van die Here besing, van die weste af sal hulle Hom prys.

¹⁵Dié in die ooste moet die Here eer; hulle wat op die eilande van die see woon, moet die Naam van die Here die God van Israel prys.

¹⁶Van die uithoeke van die aarde af hoor ons liedere waarin die groot mag van die Regverdige besing word. Maar ék sê: Ek kwyn weg, ek kwyn weg, dit is klaar met my. Die ontroues handel troueloos, troueloos handel hulle.

¹⁷Angs, vanggate en strikke wag vir die inwoners van die land.

¹⁸Wie van die gevaar af probeer wegkom, beland in die vanggate, wie uit die vanggate probeer uitklim, word in die strik gevang. Strome water sal uit die hemel val, die fondamente van die aarde sal skud

¹⁹en die aarde sal in stukke breek, heen en weer waggel en wankel.

²⁰Die aarde sal slinger soos 'n dronk mens, heen en weer wieg soos 'n biesieskerm. Die aarde se oortredinge rus swaar op hom, hy sal val en nie weer opstaan nie.

²¹Dié dag sal die Here die magte in die hemel daarbo straf, ook die konings van die aarde daaronder.

²²Hulle sal bymekaar gebondel word soos gevangenes wat in 'n gat toegesluit is. Hulle sal in 'n tronk opgesluit word, na geruime tyd sal hulle hulle straf kry.

²³Die volmaan sal dof word wanneer die Here die Almagtige op Sionsberg en in Jerusalem as Koning sal heers en sy mag laat blyk voor die leiers van sy volk.

Jesaja 25

U het die rumoer van die vyand laat ophou

¹Here, U is my God! Ek wil U prys en u Naam loof! U het wonders gedoen; dinge wat U lankal besluit het, het U volgens plan uitgevoer.

²U het die groot stad verander in puinhope, die vestingstad in ruïnes. Die vesting van die vyand is nie meer 'n stad nie, dit sal nooit herbou word nie.

³Die sterk nasie sal voor U buig, in die stad van die trotse volk sal hulle U dien,

⁴want U is 'n toevlug vir die armes, 'n toevlug vir die behoeftiges in hulle nood, 'n skuilplek teen die stortbuie, 'n skaduwee teen die hitte. Die geweld van die wrede volk is soos 'n winterstorm,

⁵soos sonsteek in 'n dor land. U het die rumoer van die vyand laat ophou, die oorwinningsliedere van die trotse volk laat verdwyn soos hitte verdwyn onder die skaduwee van 'n wolk.

God berei 'n feesmaal vir die volke

⁶Op hierdie berg gaan die Here die Almagtige 'n feesmaal gereed maak vir al die volke, 'n feesmaal met die beste om te eet en te drink, goeie kos en geurige wyn.

⁷Op hierdie berg sal Hy die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee al die nasies toegemaak was.

⁸Hier sal die Here God die dood vir ewig vernietig, en die trane op almal se gesigte afvee. Oor die hele aarde sal Hy die smaad verwyder wat sy volk aangedoen is. Die Here het dit gesê.

⁹Wanneer dit gebeur, sal elkeen sê: Kyk daar, dit is ons God, ons het op Hom vertrou, Hy het ons gered. Dit is die Here! Ons het op Hom vertrou. Laat ons bly wees en juig omdat Hy ons gered het.

¹⁰Die mag van die Here sal op hierdie berg geopenbaar word: Hy sal Moab aan die voet daarvan vertrap soos stoppels op 'n mishoop vertrap word.

¹¹Moab sal sy hande in die mishoop uitsteek soos 'n swemmer wat probeer wegsweem, maar God sal hulle in hulle trots verneder al probeer hulle om hulleself te red.

¹²Hy sal Moab se vestings, hulle hoë mure, laat omval, Hy sal hulle plat op die grond neergooi.

Jesaja 26

God gee oorwinning aan sy volk

¹Daar kom 'n dag wanneer hierdie lied in Juda gesing sal word: Ons het 'n sterk stad, God beskerm ons met mure, met 'n vesting.

²Maak oop die poorte dat die nasie wat gered is, kan ingaan, die nasie wat aan God gehoorsaam is

³en wat op Hom vertrou. Gee aan hulle vrede en voorspoed, Here, want hulle het hulle vertroue op U gestel.

⁴Vertrou altyd op die Here, want die Here God is 'n veilige toevlug.

⁵Hy bring dié wat in hoë vestings woon, af grond toe, Hy gooi hulle hoë stadsmure om, Hy maak dit gelyk met die grond en laat lê dit in die stof.

⁶Hulle sal onder die voete vertrap word, onder die voete van onderdrukte; die armes sal op hulle trap.

⁷Die pad van die regverdige is reguit, U maak sy pad gelyk.

⁸Ook wanneer U straf, Here, vertrou ons op U. Ons wil u Naam eer en U aanroep.

⁹In die nag smag ek na U, in die môre vra ek na u wil. Wanneer U die aarde straf, leer sy inwoners wat geregtigheid is.

¹⁰Daar word goed gedoen aan die goddeloses, maar hulle leer nie wat geregtigheid is nie, hulle verdraai die reg en erken nie die mag van die Here nie.

¹¹U staan gereed om hulle te straf, Here, maar hulle steur hulle nie daaraan nie. Laat hulle ondervind dat U vir u volk opkom: laat die pogings van hierdie teëstanders van U misluk, laat vuur hulle verteer.

¹²U regeer in vrede oor ons, Here, U doen alles vir ons.

¹³Behalwe U, Here ons God, het ander konings oor ons geregeer, maar ons wil net ú Naam onthou.

¹⁴Hulle is nou dood en sal nie weer lewe nie, hulle gees sal nie weer opstaan nie. U het hulle gestraf en uitgewis, U maak dat niemand meer aan hulle dink nie.

¹⁵Here, U het u volk meer laat word, U het hulle meer laat word en hulle landsgrense uitgebrei. So het U u mag getoon.

Soos die dou lewe gee, gee u krag lewe

¹⁶Here, in hulle nood het hulle hulle toevlug tot U geneem, toe U hulle met swaarkry gestraf het, het hulle U aangeroep.

¹⁷Soos 'n swanger vrou wat inmekaar krimp en skreeu oor haar geboortepyne wanneer sy 'n kind in die wêreld wil bring, so, Here, is ons in u teenwoordigheid.

¹⁸Ons was swanger, ons het inmekaar gekrimp van pyn, maar ons het niks in die wêreld gebring nie: ons het nie 'n redder vir die land gegee nie, en daar is nie inwoners vir die wêreld gebore nie.

¹⁹Dié uit u volk wat gesterf het, sal weer lewe, Here, hulle sal opstaan. Word wakker en juig, julle wat in die doderyk is! Soos die dou lewe gee, gee u krag lewe, Here, die aarde sal hulle wat lankal gesterf het, lewend teruggee.

²⁰Gaan in julle slaapkamers in, my volk, sluit die deure agter julle toe. Kruip 'n rukkie weg totdat God klaar is met straf.

²¹Die Here kom uit sy woonplek te voorskyn om die bewoners van die aarde te straf oor hulle ongeregthede. Die aarde sal vertel van die bloed wat daarop vergiet is en sal nie meer die mense wat vermoor is, wegsteek nie.

Jesaja 27

In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet

¹Daardie dag sal die Here sy skerp, groot, sterk swaard gebruik om die Leviatan, die vinnige, kronkelende slang te verslaan en sal Hy die monster doodmaak wat in die see is.

²Daardie dag moet julle sing van die goeie wingerd;

³Ek, die Here, sorg daarvoor: Ek lei dit gereeld nat, dag en nag staan Ek wag daarby sodat niemand dit kan beskadig nie.

⁴Ek is nie kwaad vir my wingerd nie. Niemand sal dit waag om dorings en dissels daarin te plant nie. Maar soos in 'n oorlog sal Ek my wingerd plattrap en heeltemal verbrand

⁵as hy nie in my stad kom skuil nie. Hy, Israel, moet met My kom vrede maak, hy moet vrede met My kom maak!

⁶In die dae wat kom, sal Jakob wortel skiet, Israel sal groei en lote maak. Die aarde sal vol word van hulle vrugte.

⁷Die Here het sy volk nie geslaan soos Hy hulle teëstanders geslaan het nie. Hy het hulle ook nie doodgemaak, soos Hy hulle moordenaars doodgemaak het nie.

⁸Die Here het sy volk gestraf deur hulle te verjaag en weg te dryf. Met 'n sterk wind het Hy hulle weggewaai ooste toe.

⁹As Jakob al sy altaarklippe fyn stamp soos 'n mens 'n kalkklip fyn stamp, as hy nie gewyde pale en wierookaltare vir sy afgode oprig nie, sal daar versoening wees vir sy oortreding, sal sy sonde van hom af weggeneem word.

¹⁰Die versterkte stad lê verwoes: 'n plek sonder inwoners, verlate soos die woestyn. Dáár wei net kalwers, en hulle vreet wat daar groei, en dáár gaan hulle lê.

¹¹Die droë takke word afgebreek, vrouens kom en maak vuur daarmee. Israel is 'n volk sonder begrip van wat Ek doen. Daarom sal sy Maker hom nie langer liefhê nie en sal sy Skepper hom nie genadig wees nie.

¹²Daardie dag sal die Here sy oes inbring van die Eufraat af tot by die grens van Egipte, en julle, Israeliete, sal die koringare wees wat één-één opgetel word.

¹³Daardie dag sal die groot ramshoring geblaas word. Dan sal almal aankom wat in Assirië verstrooi was, ook dié wat na Egipte toe verjaag is. Hulle sal die Here aanbid op die heilige berg in Jerusalem.

Jesaja 28

Ellende wag vir Samaria

¹Ellende wag vir Samaria, die kroon, die trots van die dronkaards van Efraim, die roem van die drankverslaafdes, die krans van verwelkte blomme, dié stad hoog bokant die vrugbare vallei.

²Die Here het iemand tot sy beskikking wat sterk en magtig is en wat dié kroon grond toe sal bring soos 'n haelstorm, soos 'n vernietigende stormwind, soos stortreëns uit 'n wolkbreuk.

³Dié kroon, die trots van die dronkaards van Efraim, sal met die voete vertrap word,

⁴dié krans van verwelkte blomme waaroor hulle roem, die stad hoog bokant die vrugbare vallei is soos 'n ryp voorvy: wie hom sien, pluk hom en kyk skaars na hom voor hy hom wegsluk.

⁵Daardie dag sal die Here die Almagtige die kroon wees, die krans waaroor dié sal roem wat van sy volk oor is.

⁶Hy sal aan dié wat reg moet spreek, 'n sin vir reg gee, Hy sal krag gee aan dié wat die aanval moet afslaan by die stadspoorte.

Teen die priesters en profete in Jerusalem

⁷Maar ook die priesters en profete hier in Jerusalem slinger en waggel van dronkenskap; hulle slinger, hulle is beneweld, hulle waggel van die wyn en die drank; die profete slinger wanneer hulle gesigte moet uitlê, die priesters loop twee rye spore wanneer hulle regsbeslissings moet maak.

⁸Al die tafels is vol braaksel, daar is nie 'n plek wat nie bemors is nie.

⁹Hulle sê: “Vir wie wil Jesaja leer, vir wie wil hy die boodskap uitlê wat hy sou gehoor het? Ons is nie kinders wat pas gespeen is, wat nou net van hulle ma's se borste af weggevat is nie!

¹⁰Wat ons van hom hoor, is 'n bietjie brabbeltaal hier en 'n bietjie brabbeltaal daar! ”

¹¹Hy sál in die vervolg met dié volk praat met stotterende woorde, in 'n vreemde taal.

¹²Hy het vir hulle gesê: Die rus moet hier wees, gee hier vir die vermoeide rus, hier is die plek vir vrede! Maar hulle wou nie luister nie.

¹³Die woord van die Here tot hulle sal nou wees 'n bietjie brabbeltaal hier en 'n bietjie brabbeltaal daar, sodat hulle sal struikel waar hulle ook gaan, verstrik sal raak, gevang en vernietig sal word.

Ek gaan in Sion 'n klip neersit

¹⁴Hoor die woord van die Here, julle ligsinniges wat regeer oor hierdie volk in Jerusalem!

¹⁵Julle sê: “Ons het 'n ooreenkoms met die dood, ons het 'n verstandhouding met die doderyk; wanneer die vloed aangestroom kom, sal hy ons nie tref nie. Ons het die leuen ons skuilplek gemaak, ons kruip veilig weg agter die valsheid!”

¹⁶So sê die Here my God: Ek gaan in Sion 'n klip neersit, 'n uitgesoekte klip, 'n hoekklip wat fondament aan fondament sal sluit. Wie op My vertrou, hoef nie te vlug nie.

¹⁷Ek maak geregtigheid die maatstaf, regverdigheid die toets. Die hael sal julle skuilplek van leuens uitwis, die water sal julle wegkruipplek wegspoel.

¹⁸Julle ooreenkoms met die dood word opgehef, julle verstandhouding met die doderyk sal nie bly staan nie. Wanneer die vloed aangestroom kom, sal julle in hom ondergaan.

¹⁹Hy sal julle meesleur elke keer as hy kom, en hy sal dag vir dag kom, dag en nag. Dan sal dit louter verskrikking wees om die boodskap uit te lê wat ontvang is.

²⁰Die bed sal te kort wees om reguit op te lê, die kombers te smal om jou daarmee toe te maak.

²¹Soos by Perasimberg sal die Here Hom gereed maak, soos in die laagte by Gibeon sal Hy Hom in sy toorn voorberei om te doen wat Hy wil doen, om die taak te verrig waartoe Hy besluit het, en dit is iets vreemds wat Hy wil doen, dit is 'n uitsonderlike taak.

²²Staak julle ligsinnigheid sodat die bande nie nog stywer om julle getrek word nie! Ek het by die Here my God, die Almagtige, gehoor dat dit by Hom vasstaan: Hy gaan die hele land verwoes.

Kennis wat van die Here af kom

²³Gee aandag, luister na wat ek sê, let op, luister na my woorde:

²⁴Hou 'n boer aan met ploeg as hy wil saai? Hou hy aan grond breek en vore trek?

²⁵As hy die grond gelyk gemaak het, saai hy mos swartkorn en korn, sit hy koring en gars in waar dit moet kom en spelt aan die kante.

²⁶Sy God leer hom en gee hom die kennis hoe om alles te doen soos dit hoort.

²⁷Swartkorn word mos nie met 'n slee uitgedors of korn met wawiele uitgetrap nie. Swartkorn en korn word met 'n stok uitgeslaan.

²⁸Graan word gemaak vir brood, maar 'n mens hou nie eindeloos aan om dit te laat trap deur wawiele en deur trekdier tot dit fyn is nie.

²⁹Ook dit is iets wat van die Here die Almagtige af kom; kennis wat van Hom kom, is wonderbaar en laat alles voorspoedig verloop.

Jesaja 29

Straf vir Jerusalem en vir sy vyande

¹Ellende wag vir Ariël, Ariël, die stad wat deur Dawid beleër is. Laat die jare maar op mekaar volg, laat die feestye hulle verloop neem,

²Ek sal Ariël beleër en daar sal ellende op ellende in hom wees, hy sal vir My 'n vuurmaakplek wees.

³Ek sal jou van alle kante af beleër, Ek sal wagposte inrig rondom jou en beleëringswalke teen jou opgooi.

⁴Jy sal val, jy sal uit die grond uit praat, jou woorde sal dof uit die stof uit opklink, jou stem sal uit die grond uit kom soos dié van 'n spook, jy sal uit die stof uit mompel.

⁵Maar die hordes vyande wat jy het, sal word soos fyn stof, dié wrede hordes sal soos kaf weggewaai word. Skielik, in 'n oogwink,

⁶sal die Here die Almagtige Hom oor jou ontferm met donderslae en aardbewings, met 'n magtige dreuning, met storms en orkane, met verterende vuur.

⁷Dit sal met al dié nasies gaan soos in 'n slegte droom, dié hordes wat teen Ariël oorlog maak, almal wat hom en sy vestings aanval en hom beleër:

⁸dit sal met hulle gaan soos wanneer iemand wat honger is en droom hy eet, nog honger is as hy wakker word; soos wanneer iemand wat dors is en droom hy drink water, nog kragteloos is, nog versmag van dors as hy wakker word. So sal dit gaan met al dié nasies, dié hordes wat oorlog maak teen Sionsberg.

Hulle hart is nie by My nie

⁹Nou staan julle verdwaas en verstom; julle sien niks, julle oë is toe; julle is dronk maar nie van wyn nie, julle waggel sonder dat julle iets gedrink het,

¹⁰want die Here het julle in 'n diep slaap laat wegsak: die profete moes julle oë wees en die sieners julle koppe, maar julle oë is nou toe en daar is 'n doek oor julle koppe.

¹¹Elke openbaring is nou vir julle soos die woorde in 'n verseëlde boek: jy gee dit vir iemand wat kan lees en jy vra: “Lees dit asseblief vir my,” en hy sê: “Ek kan nie, die boek is verseël.”

¹²Of jy gee die boek vir iemand wat nie kan lees nie en jy vra: “Lees dit asseblief vir my,” en hy sê: “Ek kan nie lees nie.”

¹³Die Here het gesê: Hierdie volk is naby My met die mond, hulle eer My met wat hulle sê, maar hulle hart is ver van My af, hulle dien My soos mense dit wil hê, nie soos Ek wil nie.

¹⁴Daarom gaan Ek nog ongehoorder dinge doen met hierdie volk: die een ongehoorde ding na die ander, sodat die wysheid van sy wyse manne sal verdwyn, die verstand van sy verstandige mense tot niet sal gaan.

¹⁵Ellende wag vir dié wat dink hulle kan hulle planne diep wegsteek vir die Here, hulle wat besig is om dinge in die donker te doen en dink: wie sien ons? Wie weet van ons?

¹⁶Julle is agterstevoor met alles, asof die pottebakker die klei is. Die maaksel kan mos nie van sy maker sê: “Hy het my nie gemaak nie”; die kleipot kan mos nie van die pottebakker sê: “Hy weet nie wat hy doen nie.”

Dié wat gedwaal het, sal insig kry

¹⁷Nog net 'n baie kort tydjie, dan verander die Libanon in 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word.

¹⁸Daardie dag sal die dowes kan hoor wat daar in die boek staan, en sal die blindes weer kan sien uit die donker, uit die duisternis uit.

¹⁹Die mense in nood sal weer bly wees oor die Here, die arm mense sal juig oor die heilige God van Israel.

²⁰Daar sal nie meer wreedaards wees nie; dit sal klaar wees met die ligsinniges, elkeen wat altyd gereed was om onreg te doen, sal uitgeroei word,

²¹ook dié wat sommer mense tot oortreders verklaar het, strikke gespan het vir dié wat reg wou laat geskied, en onskuldige mense hulle reg ontnem het deur vals getuienis.

²²So sê die Here, Hy wat vir Abraham verlos het, Hy sê oor Jakob: Die nageslag van Jakob sal hulle nie meer hoof te skaam nie, hulle sal nie meer bleek van verleentheid hoof te word nie,

²³want wanneer hulle die kinders sien wat Ek aan hulle gee, sal hulle my heilige Naam eer; hulle sal die heilige God van Jakob eer, hulle sal ontsag hê vir die God van Israel.

²⁴Dan sal dié wat gedwaal het, insig kry, en dié wat gedurig foutgevind het, sal hulle laat leer.

Jesaja 30

Beskerming deur Egipte sal nie baat nie

¹Ellende wag vir die rebelse mense wat planne uitvoer wat nie van My af kom nie, sê die Here, dié wat verdrae sluit wat nie volgens my wil is nie en so sonde op sonde stapel.

²Hulle gaan af na Egipte toe sonder om My te raadpleeg, hulle gaan soek steun by die mag van die farao, hulle wil beskerming by Egipte hê,

³maar hulle sal teleurgestel staan met die farao se mag en al, die beskerming deur Egipte sal hulle niks baat nie.

⁴Die leiers van Juda is al in Soan, sy boodskappers het al in Ganes aangekom,

⁵maar hulle sal almal teleurgestel word deur dié volk wat nie kan help nie, wat nie hulp en bystand kan verleen nie maar wat skande en vernedering bring.

⁶'n Uitspraak van die Here oor die diere in die Suidland: Die gesante van Juda bring hulle ryk geskenke, hulle skatte, op die rûe van hulle donkies en hulle kamele; hulle bring dit deur 'n gebied vol gevaar en angs waar leeus en slange boer en waar drake rondvlieg, hulle bring dit na 'n volk toe wat nie kan help nie.

⁷Egipte is niks, sy hulp beteken niks! Ek noem hom Rahab, die een wat niks kan doen nie.

Julle krag lê in stil wees

⁸Gaan skryf dit nou op waar Juda by is, teken dit aan dat dit altyd teen hulle kan getuig in die dae wat kom.

⁹Hulle is 'n weerbarstige volk, hulle is mense wat lieg en wat weier om te luister na wat die Here wil.

¹⁰Hulle sê vir die sieners: “Moenie gesigte sien nie!” Hulle sê vir dié wat gesigte sien: “Moenie gesigte sien oor wat ons moet doen nie, vlei ons liever, sien liever dinge wat ons mislei!”

¹¹Gee pad voor ons, moenie voor ons kom staan nie; laat die Heilige van Israel uit ons teenwoordigheid verdwyn!”

¹²So sê die Heilige van Israel: Julle het my waarskuwing verwerp, julle het julle vertrouwe gestel in geweld en bedrog en daarop gesteun.

¹³Daarom word hierdie sonde vir julle 'n hoë stuk muur wat oorhang en dreig om te val en dan skielik, onverwags inmekaarstort

¹⁴en in stukke spat soos 'n groot kleipot wat meedoënloos fyn geslaan word sodat daar onder al sy skerwe nie een oor is om mee kole uit 'n vuurmaakplek te krap of water uit 'n opgaarput te skep nie.

¹⁵So het die Here my God, die Heilige van Israel, gesê: As julle julle bekeer en tot rus kom, sal julle gered word. Julle krag lê in stil wees en vertrouwe hê. Maar dit wou julle nie;

¹⁶julle het gesê: “Nee, ons sal op perde wegjaag, ons sal vinnige perde ry.” Dan sál julle vlug, maar julle agtervolgers sal vinniger wees.

¹⁷Duisend van julle sal vlug as één julle bedreig, en as vyf julle bedreig, sal julle aanhou vlug totdat die paar wat van julle oorbly, soos 'n eensame vlagpaal op 'n berg, soos 'n enkele vaandel op 'n heuwel sal wees.

¹⁸Tog is die Here gretig om julle genadig te wees en wil Hy Hom oor julle ontferm: Die Here is 'n God wat reg laat geskied, en dit gaan goed met elkeen wat op Hom vertrou.

Die Here sal jou gebed verhoor

¹⁹Jy, volk in Sion, jy wat in Jerusalem woon, jy hoef nie meer te huil nie. Die Here sal jou genadig wees as jy na Hom roep om hulp, Hy sal jou gebed verhoor sodra Hy dit hoor.

²⁰Die Here het jou honger en dors laat ly, maar Hy wou jou leer, en Hy sal Hom nou nie meer afsydig hou van jou nie; jy sal self sien dat Hy die Een is wat jou leer.

²¹Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: “Hier is die pad, loop hierlangs.”

²²Dan sal jy besef dat jou afgode, jou beelde wat jy met silwer en goud oorgetrek het, onrein goed is, en jy sal hulle weggooi soos 'n mens 'n smerige lap weggooi; jy sal sê: “Weg met hulle! ”

²³Dan sal die Here reën gee op die saad wat jy in die land gesaai het, en sal jou grond kos vir jou lewer wat ryk en voedsaam sal wees. Jou kleinvee sal wei in uitgestrekte grasveld.

²⁴Die beeste en die donkies waarmee jy die grond bewerk, sal kragvoer kry om te vreet wat met graaf en gaffel gemeng is.

²⁵Dié dag wanneer die vyand by die duisend sal sneuwel en wanneer die torings omval, sal daar op elke hoë berg, elke hoë heuwel, spruite vol water wees.

²⁶Dié dag wanneer die Here die wonde van sy volk verbind en die seerplekke genees waar Hy hulle geslaan het, sal die maan so helder skyn as die son en die son sewe maal so helder as die lig van sewe dae saam.

Die Here sal self teen Assirië veg

²⁷Die Here verskyn uit die verte; sy toorn breek los, onweer dreig; as Hy praat, is dit vol gramskap, sy woorde is vlamme van vuur.

²⁸Sy asem is 'n siedende stroom wat mense meesleur. Hy kom om die nasies te sif in 'n fyn sif, om vir hulle 'n toom aan te sit en hulle weg te lei.

²⁹Maar julle sal sing soos in die nag voor 'n fees, julle sal vrolik wees soos wanneer mense met fluitspel begin loop na die berg van die Here toe, na die Rots van Israel toe.

³⁰Die Here sal sy magtige stem laat hoor, Hy sal sy krag openbaar in gloeiende toorn, verterende vuur, storm, onweer en hael.

³¹Assirië sal sidder vir die stem van die Here wanneer Hy begin slaan,

³²en elke keer wanneer die slae op Assirië afkom en hom tref, sal die simbale en die liere weerklink. Die Here sal self teen Assirië veg.

³³Daar is 'n brandoond gereed gemaak, lank gelede al; dit is diep en wyd en bedoel vir die koning van Assirië. Daar is 'n groot hoop brandhout in en die asem van die Here steek dit aan die brand soos 'n stroom swael.

Jesaja 31

Die Egiptenaars is mense

¹Ellende wag vir dié wat by Egipte hulp gaan vra; hulle verlaat hulle op perde, hulle is vol vertroue as daar baie strydwaens is, as hulle oor 'n menigte ruiters kan beskik; maar op die Heilige van Israel vertrou hulle nie, na die wil van die Here vra hulle nie.

²Hý is die Een wat wysheid het; daarom het Hy 'n ramp laat losbreek en het Hy nie afgesien van wat Hy gesê het nie: Hy tree op teen die volk wat altyd verkeerd doen én teen die volk wat hulp verleen aan dié wat onreg doen.

³Die Egiptenaars is mense, hulle is nie gode nie, en hulle perde is maar net perde, nie bonatuurlike wesens nie. As die Here sy hand uitsteek, val die helper én die een wat gehelp word en gaan hulle saam onder.

Die Here sal red en bevry

⁴So het die Here vir my gesê: Soos 'n leeu, 'n maanhaar, by sy prooi lê en grom en hom nie laat afskrik deur die harde geskreeu van veewagters wat teen hom saamgeroep is nie, en hom nie steur aan hulle lawaai nie, so sal die Here die Almagtige, wanneer Hy neerdaal, sy oorlog veg op Sionsberg, op die heuwel waar Sion lê.

⁵Soos voëls beskermend oor hulle neste sweef, so sal die Here die Almagtige die skild oor Jerusalem wees; Hy sal beskermend verbykom en so sal Hy red en bevry.

⁶Israeliete, bekeer julle tot Hom van wie julle so ver verwyder geraak het.

⁷Daardie dag, wanneer julle elkeen sy afgode weggooi, die afgode van silwer en van goud wat julle self gemaak het en waarmee julle gesondig het,

⁸sal die Assiriërs deur die swaard afgemaai word, maar nie die swaard van 'n mens nie, hulle sal uitgewis word deur die swaard, maar nie die swaard van 'n

mens nie. Hulle sal voor die swaard uit moet vlug, en hulle jongmanne sal dwangarbeiders word.

⁹Die koning vir wie hulle as hulle rots beskou, sal van angs op die vlug slaan, en hulle leiers sal paniekbevange van die vaandel af padgee, sê die Here ter ere van wie die vuur in Sion brand, ter ere van wie die altaar in Jerusalem rook.

Jesaja 32

Daar sal 'n koning kom

¹Daar sal 'n koning kom wat reg sal regeer en amptenare wat reg sal laat geskied.

²Hulle sal elkeen soos 'n skerm teen die wind, soos 'n skuiling teen die stortreën wees, soos strome water in 'n dor land, soos die skaduwee van 'n groot rots in 'n kaal wêreld.

³Dan sal die oë van dié wat moet sien, nie meer toe wees nie en sal die ore van dié wat moet hoor, weer kan hoor.

⁴Die verstand van onbesonne mense sal kennis kan verwerk en die hakkelaars sal vlot kan praat.

⁵'n Dwaas sal nie meer as eerbaar beskou word nie en 'n skurk nie meer as edel beskryf word nie.

⁶'n Dwaas laster teen God, sy gedagtes is net met sonde besig; wat hy doen, wys dat hy ver van die Here af leef, wat hy vir die Here sê, is vals. So iemand laat 'n honger mens honger bly en weier om 'n dors mens water te gee.

⁷'n Skurk se motiewe is kwaadwillig, hy smee boosaardige planne om met leuens die ondergang van eenvoudige, arm mense te bewerk, ook al beroep hulle hulle op die reg.

⁸'n Eerbare mens het eerbare bedoelings en hy kom op vir wat eerbaar is.

Wie reg doen, sal vrede hê

⁹Gee aandag, luister na my, julle vrouens wat so onbesorg lewe, luister na wat ek sê, julle wat so selfversekerd is!

¹⁰Julle wat nou so selfversekerd is, sal oor iets meer as 'n jaar rede hê om te bewe: daar sal nie druiwe wees om te oes nie, geen vrugte om te pluk nie.

¹¹Staan maar nou al verskrik, onbesorgdes, begin maar bewe, selfversekerdes! Trek uit julle klere, trek rouklere aan,

¹²slaan julle borste van smart oor die welige landerye, die vrugbare wingerde,

¹³oor my volk se grond wat oortrek is met dorings en dissels, oor al die huise waarin daar soveel vrolikheid was, oor die stad wat altyd so uitgelate feesgevier het.

¹⁴Die paleis lê verlate, die stad wat so bedrywig was, is leeg. Waar Ofel en die wagtoring was, is dit vir altyd net veld waar wildedonkies lustig vreet en troppe vee wei.

¹⁵So sal dit wees totdat die Gees van Bo af op ons uitgestort word. Dan word die woestyn 'n vrugteboord en word die vrugteboord so dig dat dit vir 'n bos aangesien word.

¹⁶Maar in woestyn en in vrugteboord sal reg geskied en reg gedoen word.

¹⁷Wie reg doen, sal vrede hê; wie volhard in regdoen, sal vir altyd rus en sekerheid geniet.

¹⁸My volk sal in rustige velde woon, in veilige wonings, op plekke waar daar rus is en geen sorge nie.

¹⁹Al slaan hael die bosse weg, al word die stad met die grond gelyk gemaak,

²⁰met julle sal dit goed gaan: julle sal saai langs baie waters, julle sal julle beeste en julle donkies vry laat loop.

Jesaja 33

Hy sal sorg dat daar in Sion reg geskied

¹Ellende wag vir jou, jy wat verwoes het en self nie verwoes is nie, jy wat ontrou was hoewel niemand aan jou ontrou was nie. Wanneer jy klaar verwoes het, sal jy verwoes word. Wanneer daar 'n end kom aan jou ontrou, sal ander ontrou wees aan jou.

²Wees ons genadig, Here, ons vestig ons hoop op U. Wees elke nuwe dag ons krag, ons redding in tyd van nood.

³Wanneer U u stem laat hoor, vlug volke, wanneer U te voorskyn kom, spat nasies uitmekaar.

⁴Wat julle vir julleself gebuit het, sal weggeraap word asof sprinkane daarop toegesak het; mense sal soos 'n swerm sprinkane daarop afstorm.

⁵Die Here is hoog verhewe, Hy woon in die hoogte; Hy sal sorg dat daar in Sion reg geskied en reg gedoen word.

⁶Hy is die Een op wie jy jou lewe lank kan vertrou. Die kosbare besitting wat werklik kan help, is wysheid en kennis; die rykdom waarop Sion hom kan verlaat, is die diens van die Here.

Die land treur

⁷Die inwoners van Jerusalem roep om hulp daarbuite, dié wat die boodskap bring dat daar vrede is, huil onbedaarlik.

⁸Die paaie lê verlate, niemand kom met die pad verby nie. Die verdrag is verbreek, stede is met minagting behandel, geen mens is ontsien nie.

⁹Die land treur, hy is verdor; die Libanon het verwelk, hy is vol insekte; die Saron lyk soos 'n woestynvlakte; op Basan en Karmel staan die bome kaal.

Ek gaan nou ingryp, sê die Here

¹⁰Ek gaan nou ingryp, sê die Here, Ek gaan optree, Ek gaan my mag laat geld.

¹¹Al wat julle voortbring, is strooi, al wat julle oplewer, is kaf, en julle asem is die vuur waardeur julle verteer sal word.

¹²Die volke gaan 'n kalkbrandery word, hulle gaan aan die brand gestee word soos afgekapte doringbosse.

¹³Julle daar ver, hoor wat Ek gedoen het, julle hier naby, erken my mag.

¹⁴Die sondaars staan verskrik in Sion, die godloses is angsbevange: wie van ons kan dit by 'n verterende vuur uithou, wie van ons kan dit uithou by 'n vuur wat brand sonder ophou?

¹⁵Net dié mens wat reg bly doen en opreg is in wat hy sê, wat weier om wins te maak deur mense uit te buit, wat omkoopgeld weier, nie na moordplanne luister nie en nie geleentheid soek om misdade te pleeg nie.

¹⁶So 'n mens sal sy woonplek in die hoë berge hê, sy skuilplek sal 'n rotsvesting wees. Kos sal hy kry en sy drinkwater sal nie opraak nie.

Hy sal ons red

¹⁷Jou eie oë sal 'n koning sien in al sy prag en 'n land wat wyd lê.

¹⁸Jy sal terugdink aan die vrees wat jy gehad het: “Waar is die een wat ons goed moes opskryf, waar is die een wat dit moes afweeg, waar is die een wat moes opskryf watter torings afgebreek moes word? ”

¹⁹Jy sal daardie vermetele mense nie weer sien nie, daardie volk met sy onverstaanbare, moeilike taal wat jy nie begryp nie.

²⁰Kyk na Sion, die stad waar ons ons feeste vier: jou eie oë sal Jerusalem sien, 'n veilige woonplek waar jou tent nie versit hoef te word nie, sy tentpenne nooit uitgetrek hoef te word nie, sy toue nooit meer breek nie.

²¹Daar sal die Here vir ons die magtige God wees, daar waar die strome, die riviere, breed sal vloei sonder dat die vyand se roeibote daarop vaar, die oorlogskepe daar verbykom.

²²Die Here is ons Regter, die Here is ons Leidsman, die Here is ons Koning, Hy sal ons red.

²³Die toue van die vyand se skepe hang slap, hulle hou nie die maste regop nie, en die seile kan nie gespan word nie. Daar word buit in oorvloed verdeel, selfs lammes vat wat hulle wil.

²⁴Niemand in die stad sal meer sê: “Ek is siek” nie; die sonde van die volk wat in Sion woon, is vergewe.

Jesaja 34

Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig

¹Kom nader, nasies, luister! Gee aandag, volke! Die aarde met alles daarop moet hoor, die wêreld en alles wat hy voortbring.

²Die toorn van die Here is teen al die nasies gerig, sy woede teen al hulle leërmagte. Hy gaan hulle heeltemal uitroei, hulle prysgee om doodgemaak te word.

³Hulle dooies sal net so bly lê, hulle lyke sal stink, en die berge sal van hulle bloed deurdrenk word.

⁴Al die hemelliggame sal wegs melt; die hemel sal soos 'n boekrol toegerol word en al die sterre sal hulle glans verloor soos die blare van 'n wingerdstok of van 'n vyeboom wat verdroog.

Die straf op Edom

⁵Wanneer my swaard so uit die hemel uit die bloed van die nasies laat vloei het, sal hy afkom op Edom, op die volk wat Ek heeltemal wil uitroei wanneer Ek hom straf.

⁶Die swaard van die Here is vol bloed en drup van die vet: die bloed van lammers en bokramme, die niervet van skaapramme. Die Here hou 'n offerfees in Bosra, Hy rig 'n groot slagting aan in Edom.

⁷Die buffels val saam met die mense, die bulkalwers saam met die bulle. Hulle land is deurdrenk van die bloed, die grond is deurweek van die vet.

⁸Die dag van die wraak van die Here het gekom, die jaar van vergelding ter wille van Sion se saak.

⁹Die riviere van Edom sal in teer verander, sy grond in swael: sy land word een stuk brandende teer.

¹⁰Dit sal bly brand, dag en nag; die rook sal aanhou opstyg. Geslagte lank sal die land in puin lê; tot in die verre toekoms sal niemand ooit weer daar rondtrek nie.

¹¹Uile en kraaie sal hom in besit neem en hulle daar tuismaak. Die Here sal sy maatlyn span en sy skietlood aanlê en bepaal dat die land onbewoonbaar en leeg moet word.

¹²Vir dié wat in Edom gesag uitgeoefen het, sal daar nie meer 'n koninkryk wees nie, al sy leiers sal daarmee heen wees.

¹³Dorings sal in sy paleise opkom, brandnetels en dissels in sy vestings, hy sal 'n lêplek vir jakkalse, 'n tuiste vir volstruise wees.

¹⁴Wildehonde en hiënas sal mekaar daar kry, veldgode sal na mekaar roep en die naggees sal daar bly en 'n woonplek vind.

¹⁵Uile sal daar nes maak en eiers lê, hulle sal op die eiers sit en dit uitbroei. Die aasvoëls sal daar vergader, elkeen met sy wyfie.

¹⁶Kyk gerus in die boek van die Here en lees: nie een van dié diere sal daar ontbreek nie, nie een sal sonder 'n wyfie wees nie. Die Here het die bevel gegee en sy Gees laat hulle daar bymekaarkom.

¹⁷Hy het self die land deur loting onder hulle verdeel. Hulle besit dit vir altyd, hulle sal daar woon deur geslagte heen.

Jesaja 35

God kom julle red

¹Die woestyn, die dor land, sal jubel, die droë wêreld sal juig, oortrek met affodille;

²hy sal in volle bloei staan, hy sal juig en sing, hy sal die prag van die Libanon hê, die skoonheid van Karmel en Saron. Israel sal die mag van die Here sien, die koninklike mag van ons God.

³Bemoedig dié wie se hande slap hang, help dié wie se knieë knik,

⁴sê vir dié wat moed verloor het: “Wees sterk, moenie bang wees nie, julle God is hier, Hy kom om wraak te neem, om julle vyande te straf; God kom julle red!”

⁵Blindes sal kan sien, dowes sal kan hoor,

⁶lammes sal kan rondspring soos takbokke, stommes sal kan sing. Strome water sal uit die woestyn uit bars; daar sal riviere loop in die droë wêreld.

⁷Die verskroeide aarde sal 'n moeras word, dorsland waterryke wêreld. Waar daar nou net vir jakkalse lêplekke is, sal gras en riet en biesies groei.

⁸Daar sal 'n grootpad deur die woestyn loop en dit sal bekend staan as die gewyde pad. Onrein mense sal nie daarop loop nie, dit sal net wees vir mense wat reg lewe; dwase sal nie meer op die pad kom nie.

⁹Daar sal nie leeus op die pad wees nie, daar sal nie roofdiere op loop nie, hulle sal glad nie daar kom nie. Net die mense wat deur die Here gered is, sal die pad gebruik.

¹⁰Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydschap, hulle sal vol vreugde en blydschap wees; ellende en smart sal verdwyn.

Jesaja 36

Die bedreiging van Jerusalem deur Sanherib

(Vgl. 2 Kon. 18:13 -- 19:37; 2 Kron. 32:1-19)

¹In die veertiende regeringsjaar van koning Hiskia het koning Sanherib van Assirië al die vestingstede in Juda aangeval en verower.

²Daarna het die koning van Assirië sy hoofadjutant met 'n groot leer uit Lakis na koning Hiskia toe in Jerusalem gestuur. Hulle het posisie ingeneem langs die kanaal van die boonste dam, langs die pad na die Bleikveld toe.

³Die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf het toe na die hoofadjutant van Assirië toe gegaan.

⁴Toe sê hy vir hulle: “Sê vir Hiskia: So sê die groot koning, die koning van Assirië: Waarop berus hierdie vertroue van jou?

⁵Jy dink woorde alleen is genoeg vir strategie en militêre mag. Op wie vertrou jy dat jy in opstand is teen my?

⁶Jy vertrou op Egipte, op 'n versplinterde riet wat jou in die hand steek en jou seermaak as jy op hom leun. Dit is wat die farao, die koning van Egipte, beteken vir almal wat op hom vertrou.

⁷“En as jy vir my wil sê julle vertrou op die Here julle God, dit is mos Hy wie se hoogtes en altare Hiskia laat verwoes het toe hy vir Juda en Jerusalem gesê het: ‘Julle moet net by die altaar in Jerusalem aanbid.’

⁸“Wil jy 'n ooreenkoms aangaan met my koning, die koning van Assirië? Ek gee jou twee duisend perde: sal jy die ruiters vir hulle kan voorsien?

⁹Hoe sal jy weerstand kan bied teen één goewerneur, één van my koning se onbelangrikste amptenare? En dan vertrou jy op Egipte vir strydwaens en perde!

¹⁰“Buitendien, ek het nie sonder die Here opgetrek teen hierdie land om dit te verwoes nie; die Here het vir my gesê: Trek op teen daardie land en verwoes dit.”

¹¹Toe sê Eljakim, Sebna en Joag vir die hoofadjutant: “Praat tog asseblief Aramees met ons, ons verstaan dit, maar moenie Judees met ons praat dat die manskappe op die muur dit kan verstaan nie.”

¹²Maar die hoofadjutant antwoord: “Dink julle my koning het my net na julle koning en na julle toe gestuur om dié dinge te sê, en nie ook na die manne wat op die muur sit nie? Hulle sal hulle eie ontlasting moet eet en hulle eie urine moet drink, net soos julle! ”

¹³Toe gaan staan die hoofadjutant en skree hard in Judees: “Luister wat sê die groot koning, die koning van Assirië!

¹⁴So sê die koning: Moenie dat Hiskia julle mislei nie! Hy kan julle nie red nie.

¹⁵“En moenie dat Hiskia julle op die Here laat vertrou nie. Hiskia sê: ‘Die Here sal ons sekerlik red; dié stad sal nie oorgegee word in die mag van die koning van Assirië nie.’

¹⁶Moenie na Hiskia luister nie, want so sê die koning van Assirië: ‘Maak vrede met my en kom uit na my toe, dan sal elkeen die vrugte van sy eie wingerdstok en van sy eie vyeboom eet en uit sy eie put water drink

¹⁷tot ek kom en julle wegvat na 'n land toe net soos julle land. Dit is 'n land met koring en wyn, 'n land met kos en wingerde.'

¹⁸Moenie dat Hiskia julle mislei nie! Hy sê: 'Die Here sal ons red.' Kon die gode van die ander nasies hulle lande red uit die mag van die koning van Assirië?

¹⁹“Waar is die gode van Hamat en Arpad? Waar is die gode van Sefarwajim? Kon hulle Samaria bevry uit my mag?

²⁰Wie van al die gode van die ander lande kon sy land red uit my mag? Dan sal die Here mos nie Jerusalem kan red uit my mag nie! ”

²¹Die manskappe het stilgebly en nie geantwoord nie, want die koning het hulle beveel om nie te antwoord nie.

²²Die paleisbestuurder Eljakim seun van Gilkija, die staatsekretaris Sebna, en die hoof uitvoerende beampte Joag seun van Asaf het hulle klere geskeur en is terug na Hiskia toe om hom te vertel wat die hoofadjutant gesê het.

Jesaja 37

¹Toe koning Hiskia dit hoor, het hy ook sy klere geskeur. Hy het rouklere aangetrek en is na die huis van die Here toe.

²Daarna stuur hy die paleisbestuurder Eljakim, die staatsekretaris Sebna en die leiers van die priesters, almal in rouklere, na die profeet Jesaja seun van Amos toe.

³Hulle het vir Jesaja gesê: “So sê Hiskia: Dit is 'n dag van rou. Ons is in die moeilikheid en ons is verneder. Ons is soos vrouens wat in die kraam is maar nie die krag daarvoor het nie.

⁴Miskien sal die Here u God let op die woorde van die hoofadjutant wat deur die Assiriese koning gestuur is om die lewende God te smaad, en miskien sal die Here u God hulle straf oor wat Hy moes aanhoor. Bid tog vir die klompie van ons wat nog oor is.”

⁵Toe koning Hiskia se amptenare by Jesaja kom,

⁶sê hy vir hulle: “Julle moet vir julle koning sê: So sê die Here: Moenie bang wees oor wat jy gehoor het, hoe die amptenare van die koning van Assirië My gelaster het nie.

⁷Ek gaan hom onrustig maak sodat hy na sy land toe terug sal gaan wanneer hy 'n berig daarvandaan kry. Ek sal hom in sy eie land laat doodmaak.”

⁸Toe die hoofadjutant hoor dat die koning van Assirië weg is van Lakis af, het hy teruggegaan. Hy het die koning aangetref waar hy met 'n aanval op Libna besig was.

⁹Daar het die koning berig gekry dat koning Tirhaka van Kus op pad is om hom aan te val. Toe die koning van Assirië dit hoor, het hy gesante na Hiskia toe gestuur met die boodskap:

¹⁰“Sê vir koning Hiskia van Juda: Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei met sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie.

¹¹Jy het mos gehoor hoe die konings van Assirië die een land na die ander verwoes het. Sal jý dan vrykom?

¹²Kon die gode van die nasies wat deur my voorgangers uitgedelg is, hulle red: Gosan, Haran, Resef, die mense van Eden in Telassar?

¹³Waar is die konings van Hamat en Arpad, die konings van Sefarwajim, Hena en Awwa? ”

¹⁴Hiskia het die briewe wat die gesante gebring het, gevat en gelees. Daarna het hy na die huis van die Here toe gegaan en die briewe in die teenwoordigheid van die Here oopgesprei.

¹⁵Toe het hy tot die Here gebid:

¹⁶“Here, Almagtige, God van Israel, U wat oor die gerubs troon, U alleen is God oor al die koninkryke van die aarde, U het die hemel en die aarde gemaak.

¹⁷Hoor tog, Here, luister, kyk tog, Here, let tog op! “Hoor tog wat Sanherib gesê het; hy het U, die lewende God, in sy boodskap gesmaad!

¹⁸Dit is waar, Here, die konings van Assirië het nasies met lande en al verwoes

¹⁹en hulle gode verbrand, maar dit was nie gode nie, dit was die werk van mensehande, hout en klip; daarom is hulle vernietig.

²⁰Here ons God, red ons tog uit die mag van die Assiriese koning. Dan sal al die koninkryke van die aarde besef dat net U, Here, God is.”

²¹Jesaja seun van Amos het vir Hiskia 'n boodskap gestuur: “So sê die Here die God van Israel: Ek het jou gebed oor koning Sanherib van Assirië verhoor.

²²“Dit is wat die Here oor Sanherib sê: Sion verag jou en lag jou uit, Jerusalem kyk jou met minagting agterna.

²³Vir wie het jy gesmaad en belaster? Vir wie het jy geskreeu en uitgedaag? Die Heilige van Israel!

²⁴Deur jou amptenare het jy die Here geminag toe jy gesê het: ‘Ek het met my baie strydwaens teen die hoogste berge opgerig, na die toppe van die Libanon toe; ek het sy hoogste seders afgekap, sy mooiste sipresse. Ek het sy hoogste skuilhoeke binnegedring, sy digste bosse.

²⁵Ek het na water gegrawe en dit gedrink, met my voetsole die opgedamde riviere laat opdroog.’

²⁶So sê die Here vir jou, Sanherib: Het jy dan nie gehoor nie: Ék het dit bewerk, lank gelede al, van die vroegste tye af het Ek dit voorberei en Ek het dit nou laat gebeur: jy moes vestingstede verwoes en puinhope van hulle maak.

²⁷Hulle inwoners was magteloos, verskrik en sonder raad, soos veldplante, soos groen gras, soos gras op 'n huis se dak: dit verskroei voor dit behoorlik staan.

²⁸Of jy sit of gaan of kom, Ek weet dit, Ek weet hoe jy teen My te kere gegaan het.

²⁹Omdat jy dit gedoen het, omdat Ek jou verwaande woorde moes aanhoor, sit Ek 'n haak deur jou neus en 'n stang tussen jou tande en lei Ek jou terug op die pad waarmee jy gekom het.

³⁰“Vir jou, Hiskia, gee Ek die volgende teken: vanjaar sal julle die opslag eet en volgende jaar wat dan opslaan, maar in die jaar daarna sal julle saai en oes, wingerde plant en druiwe eet.

³¹Dié van Juda wat die beleg oorleef het en oorgebly het, sal weer soos plante wortel skiet en vrugte dra.

³²Daar sal mense oorbly en uit Jerusalem kom, daar sal mense vry van Sionsberg af uitgaan. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg.

³³Daarom, so sê die Here oor die koning van Assirië, sal hy nie in dié stad inkom nie, hy sal nie 'n pyl hier afskiet nie, nie 'n skild teen die stad optel nie, nie 'n beleëringswal daarteen opgooi nie.

³⁴Met die pad wat hy gekom het, sal hy teruggaan en hy sal nie weer by dié stad kom nie. Dit is wat die Here sê.

³⁵Ek sal dié stad beskut en hom red, om my ontwil en om my dienaar Dawid se ontwil.”

³⁶Die engel van die Here het gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar.

³⁷Koning Sanherib van Assirië het toe kamp afgeslaan en hy is terug Nineve toe en het daar gebly.

³⁸Terwyl hy op 'n dag in die tempel van sy god Nisrok aanbid het, het sy seuns Adrammelek en Sar-Eser hom met swaarde doodgesteek. Hulle het na Ararat toe gevlug, en Sanherib se seun Esarhaddon het hom as koning opgevolg.

Jesaja 38

Die siekte en herstel van Hiskia (Vgl. 2 Kon. 20:1-11; 2 Kron. 32:24-26)

¹In dié tyd het Hiskia ernstig siek geword. Die profeet Jesaja seun van Amos het na hom toe gekom en gesê: “So sê die Here: Sê vir jou gesin wat jou laaste wense is, want jy gaan sterf, jy sal nie langer lewe nie.”

²Toe draai Hiskia sy gesig na die muur toe en hy bid tot die Here:

³“Ag, Here, neem tog in ag dat ek voor U in trou en met volle oorgawe geleef het en dat ek gedoen het wat reg is in u oë.” Hiskia het bitterlik gehuil.

⁴Die Here het toe vir Jesaja gesê:

⁵“Gaan sê vir Hiskia: So sê die Here die God van jou voorvader Dawid: Ek het jou gebed verhoor, Ek het jou tranes gesien. Ek sal jou lewe met vyftien jaar verleng

⁶en jou en dié stad red uit die mag van die koning van Assirië. Ek sal dié stad beskerm.

⁷Ek, die Here, gee vir jou die volgende teken dat Ek sal doen wat Ek gesê het:

⁸Ek sal die skaduwee wat reeds teen die trap van Agas se sonwyser afgesak het, tien trappe laat terugskuif.” En die son het tien trappe teruggeskuif op die trappe waarop dit reeds afgesak het.

Hiskia se lied

⁹Na die siekte en herstel van koning Hiskia van Juda het hy geskryf:

¹⁰Ek het gedink: in die fleur van my lewe sal ek sterf, op vroeë leeftyd sal ek aan die doderyk oorgegee word.

¹¹Ek het gedink ek sal die Here nie meer sien nie, die Here in die land van die lewendes, ek sal geen mens meer sien nie, by dié wat op die aarde woon, nie meer wees nie.

¹²My woonplek is afgebreek, opgerol soos 'n skaapwagter se tent. My lewe is verby, afgebreek soos 'n weefdraad. U het aangehou om my te straf.

¹³Ek het die hele nag stilgebly, maar soos 'n leeu het U my bene verbreek, U het aangehou om my te straf.

¹⁴Ek het gekerm soos 'n voël wat kerm, ek het gekla soos 'n duif. My oë het moeg geword van opkyk na die hemel toe. Here, red my uit my ellende.

¹⁵Wat kan ek sê? Die Here het met my gepraat, Hy het gedoen wat Hy gesê het. Ek sal my hele lewe lank swaar loop oor wat ek moes verduur.

¹⁶Mense leef ten spyte hiervan, Here, en ek sal daarmee saam kan leef, maar maak my tog gesond, herstel my!

¹⁷Dit was vir my goed om soveel te ly; U het my lief, U het my uit die dood gered; U het al my sondes vergewe.

¹⁸In die doderyk kan niemand U loof nie, geeneen wat dood is, kan U prys nie; niemand in die graf dink aan u trou nie!

¹⁹Net hulle wat nog lewe, kan U loof, so doen ek dit vandag. Vaders sal hulle kinders van u trou vertel.

²⁰Here, U het my gered. Ons sal op ons liere speel al die dae van ons lewe, in die huis van die Here.

²¹Jesaja het toe opdrag gegee dat hulle 'n vyekoek moet bring en op die sweer moet sit, en die koning het beter geword.

²²Toe vra Hiskia: “Wat is die teken dat ek weer na die huis van die Here toe sal gaan? ”

Jesaja 39

Die gesante uit Babel

(Vgl. 2 Kon. 20:12-19)

¹Dié tyd het koning Merodak-Baladan van Babel, seun van Baladan, briewe en geskenke na Hiskia toe gestuur omdat hy gehoor het van Hiskia se siekte en genesing.

²Hiskia was bly oor die gesante en hy het hulle sy skatkamers gewys met die silwer, die goud, die kruie en die geurige olie, sy wapenkamer en alles wat in sy voorraadkamers was. Daar was niks in sy paleis en in sy koninkryk wat Hiskia die gesante nie laat sien het nie.

³Toe kom die profeet Jesaja na koning Hiskia toe en sê vir hom: “Wat het daardie mense gesê en waarvandaan kom hulle? ” Hiskia het geantwoord: “Hulle het uit 'n ver land na my toe gekom, uit Babel.”

⁴“Wat het hulle in jou paleis gesien? ” vra Jesaja. En Hiskia antwoord: “Hulle het alles gesien wat in my paleis is. Daar is niks van my skatte wat hulle nie gesien het nie.”

⁵Toe sê Jesaja vir Hiskia: “Luister wat sê die Here die Almagtige:

⁶Daar kom 'n tyd dat alles wat in jou paleis is, weggedra sal word na Babel toe, al die skatte wat jou voorvaders en jy tot nou toe versamel het. Daar sal niks oorbly nie, sê die Here.

⁷“Van jou eie seuns wat uit jou gebore is, sal gevat word, en hulle sal diens doen in die paleis van die koning van Babel.”

⁸Hiskia het vir Jesaja gesê: “Die woord van die Here wat jy aan my oorgedra het, is goed.” Hiskia het bygevoeg: “As daar maar net in my tyd vrede en veiligheid is! ”

Jesaja 40

Soos 'n herder versorg Hy sy kudde

¹Die uitkoms is hier! Die uitkoms is hier! Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê.

²Bring vir Jerusalem die goeie tyding, sê vir hom sy swaarkry is verby, hy het geboet vir sy sonde, hy het van die Here die volle straf ontvang vir al sy sondes.

³Iemand roep: “Maak vir die Here 'n pad in die woestyn, maak in die barre wêreld 'n grootpad vir ons God!

⁴Elke laagte moet opgevul word, elke berg en rant moet gelykgrond word. Elke bult moet 'n gelykte word en elke koppie 'n vlakte.

⁵Dan sal die mag van die Here geopenbaar word; al wat leef, sal dit sien. Die Here self het dit gesê.”

⁶Iemand sê: “Roep! ” En ek vra: “Wat kan ek roep? Alle mense is soos gras, alles waarop hulle staatmaak, is soos 'n veldblom:

⁷gras verdor en blomme verwelk as die Here sy wind daaroor laat waai.” Dit is so, die volk is soos gras.

⁸Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig.

⁹Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion, jy wat die goeie tyding moet bring; roep hard, Jerusalem, jy wat die goeie tyding moet bring, moenie bang wees nie. Sê vir die stede van Juda: “Julle God is hier!”

¹⁰Die Here God kom, Hy is die Magtige, Hy regeer. Hy bring die volk saam wat Hy Syne gemaak het, dié wat aan Hom behoort, is by Hom.

¹¹Soos 'n herder versorg Hy sy kudde: die lammers maak Hy bymekaar in sy arms en Hy dra hulle teen sy bors, Hy sorg vir die lammerooie.

Met wie kan julle God vergelyk?

¹²Wie het die waters in die holte van sy hand afgemeet, met die breedte van sy hand die maat van die hemel bepaal, met 'n maatemmer die grond van die aarde afgemeet, met 'n skaal die berge en die heuwels geweeg?

¹³Wie kan die Gees van die Here peil, wie kan sy raadgewer wees?

¹⁴Vir wie raadpleeg Hy dat dié Hom tot insig sou bring en Hom sou leer wat om te doen? Wie leer Hom en onderrig Hom dat Hy met insig kan optree?

¹⁵Die nasies is vir Hom soos 'n druppel aan 'n emmer, soos 'n stoffie op 'n skaal. As Hy die eilande op 'n skaal sit, is hulle soos stofdeeltjies.

¹⁶Al die hout op die Libanon is nie genoeg vir vuur op die altaar nie en al die wild nie genoeg vir 'n offer aan die Here nie.

¹⁷Al die nasies is soos niks teenoor Hom, hulle is vir Hom minder as niks, asof hulle nie bestaan nie.

¹⁸Met wie kan julle God dan vergelyk? Met watter beeld kan julle Hom gelykstel?

¹⁹'n Beeld word deur 'n ambagsman gegiet en deur 'n smid met goud oorgetrek en met silwerkettinkies versier.

²⁰Wie te arm is vir so 'n offer aan sy god, kies hout wat nie vrot nie en soek vir hom 'n bedrewe ambagsman om vir hom 'n beeld te maak wat nie omval nie!

²¹Weet julle dan nie, het julle nie gehoor nie, is dit nie van die begin af aan julle bekend gemaak nie, het julle nie 'n begrip van hoe die aarde ontstaan het nie?

²²God het sy troon bokant die hemelkoepel, die aardbewoners is vir Hom soos sprinkane. Hy span die hemel oop soos 'n tentdoek, oop soos 'n tent vir die mense om onder te woon.

²³Hy maak die vername mense tot niks, die heersers van die wêreld asof hulle nie bestaan nie.

²⁴Skaars is hulle geplant, skaars is hulle gesaai, skaars het hulle wortelgeskiet, of Hy blaas sy asem oor hulle, en hulle verdor, die stormwind vat hulle weg soos stoppels.

²⁵Met wie kan julle My dan vergelyk, wie is soos Ek? vra die Heilige.

²⁶Kyk op na die hemel: wie het die sterre geskep? Hy wat die hemelse leer laat uittrek in hulle volle getal, dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het. Met sy groot krag, sy groot mag, sorg Hy dat geeneen van hulle ontbreek nie.

²⁷Waarom sê jy dan, Jakob, waarom kla jy, Israel: “Die Here sien nie raak wat van my word nie, my reg gaan by my God verby”?

²⁸Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik.

²⁹Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.

³⁰Selfs jongmanne word moeg en raak afgemat, selfs manne in hulle fleur struikel en val,

³¹maar dié wat op die Here vertrou, kry nuwe krag. Hulle vlieg met arendsvlerke, hulle hardloop en word nie moeg nie, hulle loop en raak nie afgemat nie.

Jesaja 41

Wie het vir Kores laat opstaan?

¹Bly stil en luister na My, eilande, maak julle gereed, volke, staan nader en stel julle saak, laat ons die saak uitmaak.

²Wie is dit wat hom uit die ooste laat opstaan het vir wie elke voetstap oorwinning bring? Wie gee nasies aan hom oor, onderwerp konings aan hom? Sy swaard en sy pyl en boog laat hulle verdwyn soos stof voor die wind, soos dwarrelende stoppels.

³Hy agtervolg hulle en trek ongehinderd voort, sy voete raak nie eens grond nie.

⁴Wie het dit bewerkstellig, dit gedoen? Wie het die verloop van dinge van die begin af bepaal? Dit is Ek, die Here! Ek is die eerste, en wanneer die laaste dinge gebeur, sal Ek nog die Here wees.

⁵Die eilande het gesien wat gebeur en het bang geword, die hele aarde het gebewe. Die mense kom bymekaar,

⁶hulle help mekaar en praat mekaar moed in.

⁷Die ambagsman praat die goudsmid moed in, die een wat die metaal uitklop, praat hom wat dit aanmekaar smee, moed in. Hulle sê: "Die smeewerk is goed!" Dan slaan hulle die beeld met spykers vas dat hy nie omval nie!

Ek hou jou vas

⁸Maar jy, my dienaar, Israel, Jakob vir wie Ek uitverkies het, afstammeling van Abraham vir wie Ek liefhet,

⁹jy, vir wie Ek van die uiteindes van die aarde af gegryp het, van sy uithoeke af geroep het, vir jou het Ek gesê: Jy is my dienaar, Ek het jou uitverkies, Ek het jou nie verwerp nie.

¹⁰Moenie bang wees nie, Ek is by jou, moenie bekommerd wees nie, Ek is jou God. Ek versterk jou, Ek help jou, Ek hou jou vas, met my eie hand red Ek jou.

¹¹Almal wat teen jou te kere gaan, sal teleurgesteld staan en die aftog blaas. Jou teëparty sal soos niks word, hulle sal omkom.

¹²Jy sal dié soek wat teen jou veg, maar hulle sal nêrens te vinde wees nie; dié wat teen jou oorlog maak, sal word soos niks, soos iets wat nie bestaan nie.

¹³Ek is die Here jou God, Ek vat jou hand, Ek sê vir jou: Moenie bang wees nie, Ék help jou.

¹⁴Moenie bang wees nie, al is jy niks meer as 'n wurm nie, Jakob, al is jy klein, Israel. Ék help jou, sê die Here jou Verlosser, die Heilige van Israel.

¹⁵Ek maak jou 'n skerp dorslee, 'n nuwe met baie tande; jy sal berge dors en fynmaal, jy sal van rante kaf maak.

¹⁶Jy sal hulle uitwan, en die wind sal hulle wegwaai, die stormwind sal hulle verstrooi; dan sal jy jubel in die Here, jy sal roem in die Heilige van Israel.

¹⁷Die hulpeloses en die armes soek water, maar daar is nie; hulle versmag van dors. Maar Ek, die Here, sal hulle gebede verhoor, Ek, die God van Israel, sal hulle nie verlaat nie.

¹⁸Ek sal op die kaal bergtoppe riviere laat ontspring, en in die laagtes fonteine laat uitborrel. Ek sal woestyng gebied in rietvlei verander, dor land in fonteinwêreld.

¹⁹Ek sal in die woestyn seders laat groei, doringbome, mirte en olyfbome. Ek sal in die barre wêreld sipresse laat groei saam met platane en denne.

²⁰Dan sal die mense sien en erken, almal sal begryp en insien dat die Here dit gedoen het, dat die Heilige van Israel dit geskep het.

Julle kan niks doen nie

²¹Stel julle saak, gode, sê die Here, bring julle bewyse, sê die Koning van Jakob.

²²Kom, sê vir ons wat gaan gebeur, sê vir ons wat beteken dit wat verby is sodat ons daaroor kan nadink en kan weet waarop dit uitloop.

²³Of laat ons hoor wat gaan gebeur, sê vir ons wat in die toekoms gaan plaasvind dat ons kan weet of julle gode is. Doen iets, doen goed of kwaad, dan sal ons almal verbaas staan en skrik.

²⁴Maar julle is niks, julle kan niks doen nie. Wie vir julle as sy gode kies, is self afskuwelik.

²⁵Ek het iemand uit die noorde te voorskyn laat kom, van sonsopgang se kant af het hy gekom en my Naam aangeriep. Hy het regeerders in die modder in getrap soos 'n pottelbakker die klei trap.

²⁶Wie het voor die tyd al gesê dat dit sal gebeur sodat ons daarvan kennis kon neem, vantevore al, sodat ons sou kan sê dit het uitgekóm? Nee, niemand het dit gesê nie, niemand het iets daarvoor laat hoor nie, niemand het julle 'n woord daarvoor hoor sê nie.

²⁷Ek is die eerste wat vir Sion gesê het: Kyk, jou mense kom terug! Ek laat Jerusalem 'n goeie tyding hoor.

²⁸Ek het gewag op 'n antwoord, maar nie een van die afgode het gereageer nie, nie een van hulle het 'n woord te sê gehad nie. Ek het hulle ondervra, maar niemand kon antwoord nie.

²⁹Hulle is almal vals, hulle kan niks doen nie, hulle beelde beteken niks, hulle kon net sowel nie daar gewees het nie.

Jesaja 42

Hier is my dienaar

¹Hier is my dienaar, Ek stel hom aan. Ek het hom uitverkies, hy geniet my guns. Ek laat my Gees op hom kom, hy sal my wil aan die nasies bekend maak.

²Hy sal nie roep nie, hy sal nie hard skree nie, hy sal nie sy stem op straat laat hoor nie.

³'n Geknakte riet sal hy nie afbreek nie, 'n lamppit wat dof brand, sal hy nie uitdoof nie. Hy sal my wil bekend maak soos dit is.

⁴Self sal hy ook nie uitgedoof of geknak word nie totdat hy my wil op aarde gevestig het. Die eilande wag op wat hy hulle sal leer.

⁵So sê God, die Here, Hy wat die hemelkoepel geskep en dit oopgespan het, Hy wat die aarde gevorm het en alles wat dit oplewer, Hy wat aan al die mense op aarde die asem gee, die lewe aan alles wat op die aarde beweeg:

⁶Ek is die Here. Omdat Ek getrou is aan my verbond, het Ek jou geroep. Ek hou jou vas, Ek beskerm jou en Ek maak jou my verbond met my volk, my lig vir die nasies.

⁷Jy sal blindes laat sien, jy sal gevangenes uit die tronk bevry; wie in die donkerte van die gevangenis sit, sal jy laat uitgaan.

⁸Ek is die Here, dit is my Naam, die eer wat My toekom, gee Ek aan geen ander nie, die lof wat My toekom, gee Ek nie aan gesnede beelde nie.

⁹Wat Ek vroeër aangekondig het, het plaasgevind. Ek kondig nuwe dinge aan. Voor dit begin gebeur, laat Ek julle al daarvan hoor.

Ek verander donker in lig

¹⁰Sing tot eer van die Here 'n nuwe lied, sing sy lof oor die hele aarde, almal wat op die see vaar, alles wat in die see is, al die eilande en dié wat daarop woon.

¹¹Laat die woestyn en sy stede die lof van die Here uitroep, die dorpe in die omgewing van Kedar, laat die inwoners van Sela jubel, laat hulle van die toppe van die berge af juig.

¹²Laat hulle aan die Here eer bewys en op die eilande sy lof verkondig.

¹³Die Here ruk op soos 'n soldaat, stryd lustig soos 'n krygsman. Hy skree en roep die oorlogskreet uit. Hy oorwin sy vyande.

¹⁴Ek het lank stilgebly, Ek het geswyg, My bedwing. Nou skree Ek soos 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring. Ek hyg, Ek snak na asem.

¹⁵Ek laat die berge en rante verdor, Ek laat al die plante daarop verdroog. Ek laat die riviere opdroog, Ek laat die rietvleie droog word.

¹⁶Ek laat die blindes loop op 'n pad wat hulle nie ken nie, Ek laat hulle op paaie gaan wat vir hulle onbekend is. Ek verander die donker voor hulle in lig en Ek

maak die ongelyk plekke gelyk. Dit is wat Ek gaan doen, Ek gaan daar nie van afsien nie.

¹⁷Dié wat op afgode vertrou, wat vir beelde sê: “Julle is ons gode,” sal op die vlug moet slaan, teleurgestel in hulle verwagting.

Israel is doof en blind

¹⁸Luister, julle dowes, kyk, julle blindes, dat julle kan sien.

¹⁹Is daar iemand so blind soos my dienaar, so doof soos my boodskapper wat Ek stuur? Is daar iemand so blind soos die een wat vir sy sonde gestraf is, so blind soos die dienaar van die Here?

²⁰Julle het baie gesien, maar julle slaan nie ag daarop nie, julle het gehoor, maar julle luister nie.

²¹Die Here het vreugde daaraan om getrou te wees, Hy laat sy woord roem en eer ontvang.

²²Maar sy volk is as 'n stuk buit weggevoer, hulle word almal in gate gevange gehou, hulle is in gevangenis opgesluit. Hulle het buit geword, en niemand red hulle nie, hulle het gevangenes geword, en niemand sê: “Laat hulle teruggaan!” nie.

²³Wie van julle neem dit waar? Wie van julle gee aandag en luister met die oog op wat voorlê?

²⁴Wie het van Jakob 'n gevangene gemaak, wie het vir Israel oorgegee aan dié wat buit gemaak het? Is dit nie die Here nie, Hy teen wie ons gesondig het? Ons wou nie sy wil doen nie, ons wou nie na sy woord luister nie.

²⁵Daarom het Hy sy toorn teen hulle laat ontvlam: die geweld van oorlog. Daar was vlamme rondom hulle, maar hulle wou nie verstaan nie; dit het hulle gebrand, maar hulle wou dit nie ter harte neem nie.

Jesaja 43

Jy is Myne

¹Luister, so sê die Here wat jou geskep het, Jakob, wat jou gevorm het, Israel: Moenie bang wees nie, Ek verlos jou, Ek het jou op jou naam geroep, jy is Myne.

²As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie,

³want Ek is die Here jou God, die Heilige van Israel, jou Redder. Ek gee Egipte as losprys vir jou, Kus en Seba in jou plek.

⁴Omdat jy vir My kosbaar is, omdat Ek jou hoog ag en jou liefhet, gee Ek mense in jou plek, volke in ruil vir jou lewe.

⁵Moenie bang wees nie, Ek is by jou. Ek bring jou kinders van die ooste af, Ek maak hulle bymekaar van die weste af,

⁶Ek sê vir die noorde: Gee! vir die suide: Moet hulle nie terughou nie! Bring my seuns van ver af, my dogters van die uithoeke van die aarde af,

⁷elkeen wat na my Naam genoem word, elkeen wat Ek geskep het tot my eer, wat Ek gevorm het, wat Ek gemaak het.

⁸Laat my volk hierheen kom, die volk wat blind is, al het hulle oë, wat doof is, al het hulle ore.

⁹Laat al die nasies bymekaarkom. Al die volke moet teenwoordig wees. Watter afgod kan hierdie dinge so aankondig? Wie kon vooraf sê wat gebeur het? Laat hulle hulle getuies bring dat dié hulle saak bewys, en dié wat luister, kan sê: Dit is waar.

¹⁰Israel, julle is my getuies, sê die Here, en ook my dienaar wat Ek uitverkies het sodat julle My kan ken en in My kan glo en kan besef dat Ek die Here is. Voor My was daar geen god nie, en na My sal daar ook nie een wees nie,

¹¹Ek, Ek is die Here, buiten My is daar geen redder nie.

¹²Ék het die redding aangekondig, Ék het gered en dit laat verkondig, Ek, nie 'n ander god onder julle nie. Julle is my getuies, sê die Here, en Ek is God.

¹³Ook hierná is Ek nog God. Uit my mag kan niemand gered word nie. Wat Ek doen, kan niemand ongedaan maak nie.

Kyk, Ek gaan iets nuuts doen

¹⁴So sê die Here, julle Verlosser, die Heilige van Israel: Om julle ontwil stuur Ek iemand teen Babel en laat Ek al sy inwoners, die Galdeërs, vlug met dieselfde skepe waarop hulle hulle vroeër beroem het.

¹⁵Ek is die Here, julle heilige God, die Skepper van Israel, julle Koning.

¹⁶So sê die Here, Hy wat 'n pad gemaak het deur die see, 'n deurgang deur die magtige waters,

¹⁷Hy wat strydwaens en perde laat optrek het, 'n leer op volle sterkte na sy ondergang toe. Hulle kon nie weer opstaan nie, dit was klaar met hulle, hulle is soos 'n lamppit uitgedoof.

¹⁸Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie.

¹⁹Kyk, Ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

²⁰Die wilde diere sal My vereer, die jakkalse en die volstruise, omdat Ek water gee in die woestyn, riviere in die droë wêreld om my volk, my uitverkore volk, se dors te les.

²¹Dit is die volk wat Ek vir My geskep het, en wat my lof sal verkondig.

Ek het jou nie belas met offers nie

²²Maar jy het My nie aangeroop nie, Jakob, jy het nie moeite gedoen om My te dien nie, Israel.

²³Jy het nie vir My kleinvee as brandoffers gebring, My nie met offers vereer nie; Ek het jou nie belas met graanoffers nie, jou nie die moeite aangedoen om vir My wierookoffers te bring nie.

²⁴Jy het nie geld uitgegee om vir My wierookoffers te koop nie, en jy het My nie met die vet van offers verkwik nie. Inteendeel, jý het Mý belas met jou sondes, jy het My moeite aangedoen met jou oortredinge.

²⁵En tog is dit Ek wat jou opstandigheid vergewe. Ek is getrou aan Myself, Ek dink nie meer aan jou sondes nie.

²⁶Kla My aan, laat ons die saak tussen ons uitmaak, praat jy en bewys jou onskuld.

²⁷Jou eerste voorouer het gesondig en jou woordvoerders het teen My oortree.

²⁸Daarom het Ek dié in beheer van die tempeldiens ongeskik vir tempeldiens laat word. Ek het Jakob iets gemaak wat uitgeroei moet word, Israel iets wat bespot moet word.

Jesaja 44

Ek sal my seën uitgiet op jou kinders

¹Maar luister nou, my dienaar Jakob, Israel wat Ek uitverkies het:

²So sê die Here wat jou gemaak het, Hy wat jou gevorm het in die moederskoot en jou nou nog help: Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob, Jesurun wat Ek uitverkies het.

³Ek sal volop water gee op die dorsland, strome op die droë grond. Ek sal my Gees uitgiet op jou kinders, my seën op jou nakomelinge.

⁴Hulle sal uitspruit soos gras in die veld, soos wilgerbome langs waterlope.

⁵Die een sal sê: “Ek behoort aan die Here,” en homself 'n nakomeling van Jakob noem; die ander sal op sy hand skryf: Die Here S'n en homself 'n lid van die volk Israel noem.

Buiten My is daar geen God nie

⁶So sê die Here, die Koning van Israel, sy Verlosser, die Here die Almagtige: Ek is die eerste en Ek is die laaste, buiten My is daar geen God nie.

⁷Wie soos Ek is, laat hom dit sê, laat hom sy saak stel en dit aan My voorlê; laat hom 'n verklaring gee van wat gebeur het vandat Ek my volk lank gelede gemaak het en ook van wat sal gebeur; laat hy vertel van die dinge wat kom.

⁸Moenie skrik nie, moenie bang wees nie! Het Ek dit nie van lankal af aan julle verkondig, dit vir julle gesê nie? Julle is my getuies: is daar 'n God buiten My? Daar is geen ander Rots nie; Ek weet van geeneen nie.

⁹Dié wat afgodsbeelde maak, is self almal niks; die dierbare gode van hulle kan nie help nie. Dié wat vir hulle moet getuig, kan nie sien nie, kan nie verstaan nie; dié wat sulke gode het, word teleurgestel.

¹⁰Wie maak nou 'n god, giet 'n beeld wat nie kan help nie!

¹¹Almal wat so 'n god aanhang, word teleurgestel: dit is gode wat deur mense gemaak is. Wanneer dié wat hulle aanhang, bymekaarkom vir 'n beslissing, staan hulle verbyster en verleë.

¹²Die ystersmid vat 'n stuk gereedskap en werskaf in die gloeiende kole. Met hamers vorm hy die beeld, met sy gespierde arm maak hy die beeld: die smid eet nie en word swak, hy drink nie water nie en raak uitgeput.

¹³Die ambagsman wat hout gebruik, meet met sy maatlyn en merk die beeld se buitelyne af. Hy bewerk hom met beitels en trek sy mate met 'n passer af. Hy maak hom in die vorm van 'n mens, 'n pragtige mens wat in 'n huis moet woon.

¹⁴Die ambagsman kap vir hom seders af, of hy kies sipresse of eike en laat hulle groot word in die bos, of hy plant 'n lourierboom, en die reën laat dit groot word.

¹⁵Dit dien as vuurmaakhout vir die mens; iemand vat daarvan en maak hom warm, of hy maak 'n vuur om brood te bak, of hy maak 'n god en aanbid dit, hy maak 'n beeld en buig daarvoor.

¹⁶'n Deel van die hout verbrand hy: hy maak kos daarmee gaar, hy braai vleis en eet tot hy genoeg het; hy maak hom ook warm en sê: “Dis lekker! Ek is warm, ek geniet die vuur! ”

¹⁷Van die hout wat oorbly, maak hy 'n god, 'n beeld, hy buig voor hom en aanbid hom, hy bid tot hom en sê: “Red my, want jy is my god! ”

¹⁸Sulke mense weet nie wat hulle doen nie, hulle het nie insig nie, hulle oë is toegepleister, hulle sien nie, niks dring tot hulle verstand deur nie.

¹⁹Hulle kom nie tot besinning nie, hulle het te min kennis en verstand om te sê: “'n Gedeelte van die hout het ek verbrand, ek het op die kole kos gaar gemaak, ek het vleis gebraai en geëet, en moet ek nou van wat oor is 'n afskuwelike afgod maak, moet ek voor 'n stuk hout buig? ”

²⁰Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “Is dit nie 'n leuen waarmee ek my besig hou nie? ”

²¹Dink hieraan, Jakob, dink hieraan, Israel, want jy is my dienaar; Ek het jou gemaak, jy is my dienaar. Ek sal jou nie verlaat nie, Israel.

²²Ek het jou oortredinge, jou sondes, uitgewis, hulle het verdwyn soos wolke, soos miswolke. Kom terug na My toe, want Ek het jou verlos.

²³Juig, hemel, oor wat die Here gedoen het, jubel, dieptes van die aarde, wees bly en juig, berge en bosse, want die Here het vir Jakob, vir Israel, verlos, die Here het sy mag laat blyk.

Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge

²⁴So sê die Here jou Verlosser wat jou in die moederskoot gevorm het: Ek is die Here, Ek het alles geskep, Ek alleen het die hemel oopgespan, Ek het die aarde gevorm; daar was niemand by nie.

²⁵Ek stel die toekomsvoorspellers aan die kaak, Ek maak die waarsêers belaglik. Ek weerlê dié geleerde mense, Ek ontmasker hulle kennis as dwaasheid.

²⁶Ek bevestig die woorde van my dienaar, Ek bring wat my boodskappers aangekondig het, tot vervulling. Ek sê van Jerusalem: Hy moet weer bewoon word, en van die stede van Juda: Hulle moet weer opgebou word, en Ek self bou Jerusalem se ruïnes weer op.

²⁷Ek sê vir die diep waters van Babel: Droog op! Ek sal jou riviere laat opdroog.

²⁸Ek sê vir Kores: Ek het jou as herder aangestel, jy moet my wil uitvoer, jy moet van Jerusalem sê: “Hy moet weer opgebou word en die tempel moet herstel word.”

Jesaja 45

¹So sê die Here aan sy gesalfde, aan Kores, vir wie Hy as heerser aangestel het, aan wie Hy nasies onderwerp en voor wie Hy konings hulle wapens laat neerlê, voor wie Hy deure oopmaak en poorte nie gesluit laat bly nie:

²Ek self sal voor jou uit gaan en hoogtes gelykmaak. Ek sal bronspoorte oopbreek en sluitbalke van yster stukkend kap.

³Ek sal vir jou die skatte gee wat in die donker gebêre word, die rykdomme wat weggesluit is, sodat jy kan weet dat Ek die Here is, dat Ek jou op jou naam geroep het, Ek, die God van Israel.

⁴Ter wille van my dienaar Jakob, van Israel wat Ek uitverkies het, het Ek jou op jou naam geroep, gee Ek jou 'n eretitel hoewel jy My nie ken nie.

⁵Ek is die Here, daar is geen ander nie, buiten My is daar geen God nie. Ek rus jou toe vir jou taak al ken jy My nie.

⁶Ek doen dit sodat elkeen van die ooste af tot in die weste kan weet dat daar buiten My geen God is nie; Ek is die Here, daar is geen ander nie.

⁷Ek maak die lig en skep die donker; Ek gee voorspoed en skep rampspoed. Ek is die Here, Ek doen al hierdie dinge.

⁸Laat die reën uitsak, hemel, laat redding reën, wolke, breek oop, aarde, laat voorspoed ontkiem, laat trou uitspruit. Ek is die Here, Ek skep hierdie dinge.

Durf julle aan My voorskryf?

⁹Ellende wag vir hom wat die Een verwyf wat hom gevorm het, 'n potskerf tussen potskerwe van klei. Durf die klei vir die een wat dit vorm, sê: “Wat maak jy? ” Durf wat jy gemaak het, van jou sê: “Hy kan nie sy hande gebruik nie! ”

¹⁰Ellende wag vir hom wat vir sy pa sê: “Waarom verwek u 'n kind? ” of vir sy ma: “Waarom bring u 'n kind in die wêreld? ”

¹¹So sê die Here, die Heilige van Israel, die Skepper van Israel: Durf julle van My rekenskap vra oor wat gaan gebeur? Durf julle aan My voorskryf oor my kinders en oor die werk van my hande?

¹²Ek het die aarde gemaak; die mensdom wat daarop is, het Ek geskep. Ek het met my hande die hemel oopgespan en Ek het aan al die hemelliggame hulle opdragte gegee.

¹³Ek het vir Kores te voorskyn laat tree om reg te laat geskied; Ek verwyder elke hindernis op sy pad. Hy sal my stad weer opbou en my ballinge terugstuur sonder dat hy betaling of 'n geskenk daarvoor ontvang, sê die Here die Almagtige.

Die Here alleen is God

¹⁴So sê die Here: Die opbrings van Egipte en die winste van Kus sal na jou toe oorgaan en sal joune wees, ook die mense van Seba, die groot mense. Hulle sal agter jou loop en jou volg in kettings, hulle sal diep voor jou buig en teenoor jou bely: “Waarlik, God is by jou, en daar is geen ander nie, daar is nie nog 'n God nie.”

¹⁵U is die God wat U verborge hou, die God van Israel, die Redder!

¹⁶Dié wat afgode maak, staan almal verleë, teleurgestel in hulle verwagting, hulle kom bedroë daarvan af.

¹⁷Maar Israel word deur die Here gered met 'n blywende redding. Hulle sal nie verleë staan nie en nooit teleurgestel word nie.

¹⁸So sê die Here, Hy wat die hemel geskep het, Hy wat alleen God is, Hy wat die aarde gevorm, gemaak het, dit gereed gemaak, geskep het, dit gevorm het, nie om leeg te wees nie, maar om bewoon te word: Ek is die Here; daar is geen ander nie.

¹⁹Ek het nie in die geheim gepraat iewers in 'n donker land nie. Ek het nie aan die nakomelinge van Jakob gesê om My in 'n onbewoonbare land te dien nie. Wat Ek, die Here, sê, bring redding, my woorde gee lewe.

Net van die Here kom daar redding en krag

²⁰Kom almal bymekaar, kom nader vir die beslissing, vlugteling uit die nasies. Dié wat afgodsbeelde dra wat van hout gemaak is, en tot 'n god bid wat nie kan red nie, het geen insig nie.

²¹Stel julle saak en bring julle bewyse, beraadslaag gerus met mekaar daaroor. Wie het wat nou gebeur, lankal aangekondig? Wie het al vantevore gesê dit sal gebeur? Is dit nie Ek, die Here, nie? Daar is buiten My geen God nie; net Ek is 'n God wat regverdig is en red.

²²Kom na My toe dat julle gered kan word, almal op die aarde, want Ek is God, daar is geen ander nie.

²³Ek lê 'n eed af in my eie Naam, wat Ek sê, is betroubaar, dit is 'n woord wat nie onvervul sal bly nie: voor My sal elke knie buig, in my Naam sal elke tong 'n eed aflê.

²⁴Hulle sal sê: “Net van die Here kom daar redding en krag.” Almal wat teen Hom te kere gegaan het, sal beskaamd daarvan afkom wanneer hulle voor Hom moet verskyn.

²⁵Maar al die nakomelinge van Israel sal gered word omdat hulle aan die Here behoort, en hulle sal in Hom roem.

Jesaja 46

Ek laat die redding naderkom

¹Bel het ineengestort, dis klaar met Nebo! Julle gode wat deur julle rondgedra is, word nou op diere, op beeste gelaai. Hulle het 'n vrag geword vir moeë diere.

²Dit is klaar met julle gode, hulle het ineengestort, hulle kan hulle vrag nie dra nie en word self in ballingskap weggevoer.

³Luister na My, nageslag van Jakob, almal wat oor is uit die nageslag van Israel, julle vir wie Ek gedra het van julle geboorte af, wat Ek vasgehou het vandat julle daar is.

⁴Ook tot in julle ouderdom is Ek die Here, tot in julle grysheid sal Ek julle dra. Ek het julle gemaak en Ek sal julle vashou, julle dra en julle red.

⁵Met wie kan julle My vergelyk, aan wie kan julle My gelykstel, met wie kan julle My op een lyn stel, wie kan 'n vergelyking met My deurstaan?

⁶Mense gooi goud uit hulle geldsak uit en weeg silwer op 'n skaal af; hulle huur 'n goudsmid, en hy maak daarvan 'n afgodsbeeld. Dan buig hulle voor hom en aanbid hom.

⁷Hulle tel hom op hulle skouers en dra hom, hulle sit hom op sy plek neer en hy staan daar, hy kan nie van daardie plek af padgee nie. As iemand na hom roep, antwoord hy nie, hy help hom nie uit sy nood nie.

⁸Dink hieraan en luister, neem dit ter harte, julle oortreders.

⁹Dink aan wat vroeër gebeur het, lank gelede; Ek is God, daar is geen ander nie; Ek is God, daar is niemand soos Ek nie.

¹⁰Ek kondig vantevore aan wat later sal kom, lank tevore al wat nog nie gebeur het nie. Ek sê wat Ek besluit het en dit gebeur, wat Ek wil, doen Ek.

¹¹Ek roep 'n roofvoël uit die ooste, uit 'n ver land roep Ek 'n man wat my besluit sal uitvoer. Ek het dit gesê, en Ek sal hom laat kom, Ek het dit beplan en Ek sal dit doen.

¹²Luister na My, julle hardkoppiges, julle wat geen redding verdien nie.

¹³Ek laat die redding naderkom, dit is nie meer ver nie, die verlossing wat Ek bring, sal nie lank uitbly nie. Ek bring verlossing vir Sion en openbaar my mag in wat Ek met Israel doen.

Jesaja 47

Daar kom 'n ramp oor jou

¹Klim af, gaan sit in die stof, Babel! Gaan sit op die grond sonder jou troon, stad van die Galdeërs! Jy sal nie langer vergelyk word met 'n jong vrou wat fyn is en altyd haar sin kry nie.

²Vat maalklippe en maal meel, slaan jou sluier op, trek jou boklere uit, maak jou onderlyf kaal en loop deur die rivier.

- ³Jou geslagsdele sal kaal wees, mense sal jou bekyk en jou bespot. Ek, die Here, gaan jou straf, Ek sal niemand verskoon nie.
- ⁴Ons Verlosser is die Heilige van Israel, sy Naam is die Here die Almagtige.
- ⁵Sit doodstil, kruip weg in die donker, stad van die Galdeërs! Jy sal nie langer bekend staan as die een wat heers oor al die koninkryke nie.
- ⁶Ek was kwaad vir my volk, Ek het hulle nie meer as my besitting beskou nie; daarom het Ek hulle in jou mag oorgegee. Maar jy het nie met hulle medelye gehad nie; selfs op die oumense het jy 'n swaar juk gelê.
- ⁷Jy het gedink jy sal altyd bestaan, altyd heers. Jy het nie aan die gevolge gedink nie, jy het nie gedink aan wat sal gebeur nie.
- ⁸Luister dan nou hierna, jy wat in wellus lewe, jy wat so rustig woon, jy wat dink: daar is niemand soos ek nie, ek sal nie sonder 'n sorg sit soos 'n weduwee nie, en ek sal nie my inwoners verloor nie.
- ⁹Al twee hierdie dinge sal jou oorval, in een oomblik, op dieselfde dag: jy sal jou inwoners verloor en niemand sal vir jou sorg nie. Dit sal jou voluit tref ondanks jou baie toordery, ondanks jou magdom beswerings.
- ¹⁰Jy het op jou bouse dade vertrou, jy het gedink daar is niemand wat jou sien nie. Jou wysheid en jou kennis het jou mislei, en jy het gedink: daar is niemand soos ek nie.
- ¹¹Maar daar kom 'n ramp oor jou wat jy nie kan besweer nie, onheil oorval jou, en jy kan dit nie met 'n losprys keer nie. Jou ondergang kom skielik, jy het dit nie verwag nie.
- ¹²Gaan maar aan met jou beswerings en jou baie toordery waarmee jy jou van jongs af al ophou. Dalk bereik jy iets daarmee, dalk skrik jy jou vyande daarmee af!
- ¹³Jy het jou moeg gemaak met jou baie voortekens. Laat jou voorspellers nou optree, laat hulle jou help, hulle wat die hemel opdeel en die sterre bekyk, hulle wat elke maand bekend maak wat oor jou gaan kom.

¹⁴Maar hulle het soos stoppels geword, hulle gaan verbrand. Hulle kan hulleself nie red van die vlamme nie. Daar bly nie eens kole oor om jou by warm te maak nie, 'n vuur om by te sit nie.

¹⁵Dit is wat jy het aan dié met wie jy jou ophou, met wie jy jou van jongs af inlaat. Hulle het almal gedwaal, daar is niemand wat jou kan red nie.

Jesaja 48

Ek het dit bekend gemaak

¹Luister, nageslag van Jakob, julle wat julleself Israel noem en wat uit Juda voortkom, julle wat in die Naam van die Here 'n eed aflê en die God van Israel aanbid, maar nie eerlik en opreg nie;

²julle noem julleself na die heilige stad en julle maak staat op die God van Israel, op Hom wie se Naam die Here die Almagtige is. Luister hierna:

³Ek het wat vroeër gebeur het, lank tevore reeds aangekondig, uit my mond is dit gehoor, Ek het dit bekend gemaak. Toe het Ek dit skielik laat gebeur.

⁴Omdat Ek weet dat julle hardkoppig is, dat julle so weerbarstig soos 'n stuk yster is en dat julle kop so hard soos brons is,

⁵daarom het Ek dit lank tevore vir julle aangekondig, en dit aan julle bekend gemaak voordat dit gebeur het sodat julle nie kon sê: “Ons afgode het dit gedoen, ons afgodsbeelde het beveel dat dit moet gebeur” nie.

⁶Julle het dit alles gehoor, julle kon dit alles self sien, sal julle dan nie daarvan getuig nie? Van nou af laat Ek julle nuwe dinge hoor, dinge wat verborge was, waarvan julle niks geweet het nie.

⁷Ek gaan dit nou doen, dit was nie voorheen daar nie. Voor vandag het julle nie daarvan gehoor nie, julle kan nie sê: “Ons het dit al geweet” nie.

⁸Julle het nog niks daarvan gehoor nie en julle weet nog niks daarvan nie. Julle kon dit nie vantevore hoor nie, want Ek het geweet dat julle nie vertrou kan word nie, dat julle van julle geboorte af al as oortreders bekend is.

⁹Ter wille van my Naam bedwing Ek my toorn, ter wille van my eer tree Ek nie op teen julle nie dat julle nie vernietig word nie.

¹⁰Ek het jou gelouter, maar nie soos silwer gelouter word nie, Ek het jou gelouter in die smeltkroes van ellende.

¹¹Ter wille van Myself en daarom alleen, doen Ek dit, Ek laat my Naam nie oneer aandoen nie. Ek gee die eer wat My toekom, aan niemand anders nie.

Die Here het sy dienaar Jakob verlos

¹²Luister na My, Jakob, luister, Israel, vir wie Ek geroep het: Ek is die Here, Ek is die eerste, en Ek is die laaste.

¹³Met my eie hand het Ek die aarde se fundamente gelê, deur my mag het Ek die hemelkoepel oopgesprei: Ek het hulle te voorskyn geroep en hulle het tot stand gekom.

¹⁴Kom almal bymekaar, luister. Wie van die gode het aangekondig wat nou gaan gebeur? Die Here het iemand lief, en dié sal aan Babel doen wat hy wil en sy mag teen die Galdeërs laat geld.

¹⁵Ek, Ek het dit gesê, Ek het hom geroep, Ek het hom laat kom, en hy sal voorspoedig wees in wat hy moet doen.

¹⁶Kom nader na My toe en luister hierna: Van die begin af al het Ek niks geheim gehou nie, vandat iets begin gebeur het, is Ek nog altyd daar. En nou, die Here God het my en sy Gees gestuur.

¹⁷So sê die Here, jou Verlosser, die Heilige van Israel: Ek is die Here jou God wat jou onderrig tot jou beswil, wat jou lei op die pad waarop jy moet gaan.

¹⁸As jy maar aan my gebooie gehoorsaam was, sou daar voorspoed en redding vir jou gekom het, so onkeerbaar soos 'n rivier, soos die golwe van die see.

¹⁹Jou nageslag sou so baie gewees het soos sand, jou afstammeling so volop soos sandkorrels, en Ek sou toegesien het dat hulle nie vernietig en uitgeroei word nie.

²⁰Gaan uit Babel uit, vlug weg van die Galdeërs af! Jubel dit uit, maak hierdie aankondiging en laat dit weerklink tot in die uithoeke van die aarde; sê: “Die Here het sy dienaar Jakob verlos! ”

²¹Sy volk het nie dors gekry toe Hy hulle deur 'n droë wêreld gelei het nie. Hy het vir hulle water uit 'n rots laat stroom, Hy het die rots gekloof en daar het water uitgestroom.

²²Maar vir die goddeloses is daar geen vrede nie, sê die Here.

Jesaja 49

Ek maak jou 'n lig van die nasies

¹Luister na my, eilande, gee aandag, nasies wat ver is! Die Here het my voor my geboorte al geroep; toe ek nog in my moeder se liggaam was, het Hy my op my naam genoem.

²Hy het my mond soos 'n skerp swaard gemaak, my in die skaduwee van sy hand verberg, Hy het my 'n skerp pyl gemaak en my in sy pylkoker weggesteek.

³Hy het vir my gesê: Jy is my dienaar, jy is Israel, deur jou maak Ek my mag bekend.

⁴Ek het gedink: ek het my tevergeefs vermoei, ek het my heeltemal verniet afgesloof. Maar die Here sál aan my reg laat geskied, my God sál my beloon.

⁵En nou maak die Here 'n aankondiging, Hy wat my in die moederskoot al sy dienaar gemaak het om Jakob na Hom toe terug te bring sodat Israel nie meer verstrooi sal wees nie. Die Here het my 'n belangrike opdrag gegee en my God gee my die krag om dit te doen.

⁶Hy het gesê: Dit is nie genoeg dat jy my dienaar is om die stamme van Jakob te herstel en om die Israeliete wat gered is, terug te bring nie; Ek maak jou 'n lig vir die nasies sodat die redding wat Ek bewerk, die uithoeke van die aarde sal bereik.

⁷So sê die Here, die Heilige van Israel, sy Verlosser, vir dié een wat diep verag is, wat deur die nasies verafsku word en wat 'n dienaar van regeerders is:

Konings sal sien wat gebeur en sal opstaan, leiers sal buig tot eer van die Here wat getrou is, die Heilige van Israel wat jou uitverkies het.

Hulle sal nie honger of dors kry nie

⁸So sê die Here: Op 'n tyd wat Ek goeddink, sal Ek jou gebede verhoor, op die dag wanneer Ek wil red, sal Ek jou help. Ek sal jou beskerm en jou my verbond met my volk maak om sy land te herstel, om sy verlate eiendom weer in besit te neem,

⁹om aan dié wat gevange gehou word, te sê: “Gaan uit!” aan dié wat in die donker opgesluit sit: “Kom uit!” Hulle sal versorg word terwyl hulle op pad is, selfs op kaal heuwels sal daar vir hulle genoeg wees.

¹⁰Hulle sal nie honger of dors kry nie, die woestynhitte en die son sal hulle nie brand nie, want Hy wat Hom oor hulle ontferm het, sal hulle onder sy sorg neem. Hy sal hulle by fonteine langs lei.

¹¹Ek sal al my berge paaie maak, my grootpaaie sal sonder opdraandes wees.

¹²Daar kom my volk van ver af! Party kom uit die noorde en uit die weste, party kom uit die land van die Siniëte.

¹³Jubel, hemel! Juig, aarde! Sing vrolik, berge! Die Here het vir sy volk uitkoms gegee, Hy het Hom ontferm oor sy volk wat in nood was.

¹⁴Sion sê: “Die Here het my verlaat, die Here het my vergeet.”

¹⁵Kan 'n vrou haar eie baba vergeet, haar nie ontferm oor die kind wat sy in die wêreld gebring het nie? Selfs al sou so iets kon gebeur, Ek sal jou nie vergeet nie.

¹⁶Ek het jou naam in my handpalms gegraveer, Ek sien jou mure altyd voor my.

¹⁷Jou kinders kom binnekort, en dié wat jou verwoes en verniel het, sal uit jou uit padgee.

¹⁸Kyk rondom jou en sien wat gebeur, al jou kinders kom bymekaar en hulle kom na jou toe. So seker as Ek lewe, sê die Here, jy sal oor hulle so bly wees soos 'n vrou oor halssnoere, soos 'n bruid oor haar juwele.

¹⁹Jy is nou nog net puinhoop en ruïne, 'n verwoeste plek, maar jy sal te klein word vir al jou inwoners, en dié wat jou afgebreek het, sal verdwyn.

²⁰Kinders wat jy nou nie het nie, sal nog in jou ore kom kerm en sê: “Dié plek is te klein vir ons! Maak vir ons plek om in te woon!”

²¹Dan sal jy dink: wie het hierdie kinders vir my in die wêreld gebring? Ek was kinderloos en onvrugbaar, 'n balling, 'n verstoteling. Wie het hierdie kinders grootgemaak? Ek het alleen oorgebly. Waar kom hulle vandaan?

²²So sê die Here God: Ek sal my hand uitstrek na die nasies toe, onder die volke sal Ek my vaandel opsteek. Dan sal hulle jou seuns op die arm na jou toe bring, en jou dogters sal op die skouer aangedra word.

²³Konings sal jou kinders oppas, koninginne sal hulle pleegmoeders wees. Hulle sal diep voor jou buig en die stof van jou skoene aflek. Dan sal jy besef dat Ek die Here is; wie op My vertrou, word nie teleurgestel nie.

²⁴Kan 'n soldaat se buit afgeneem word? Sal 'n gevangene sommer vrygelaat word as hy onder bewaking van 'n betroubare persoon is?

²⁵So sê die Here: 'n Soldaat se gevangene kan ontset word, selfs 'n man met baie mag se buit kan afgeneem word. Ek is 'n vyand van jou vyand en Ek sal jou kinders red.

²⁶Ek sal jou verdrukke hulle eie vleis laat eet, hulle sal van hulle eie bloed so dronk word soos van wyn. Dan sal al wat leef, besef dat Ek die Here is, jou Redder en jou Verlosser, die magtige God van Jakob.

Jesaja 50

Julle is oor julle sondes verkoop

¹So sê die Here: Waar is die skeibrief wat Ek vir jou moeder gegee het toe Ek van haar geskei het? Of aan wie het Ek geld geskuld dat Ek julle daarvoor aan

hom gegee het? Nee, dit is oor julle sondes dat julle verkoop is, oor julle oortredings dat Ek van julle geskei het.

²Waarom was daar niemand toe Ek gekom het nie? Waarom het niemand geantwoord toe Ek geroep het nie? Is Ek nie in staat om te verlos nie, het Ek nie die krag om te red nie? Wanneer Ek die see aanspreek, droog hy op. Ek laat riviere opdroog: die visse stink, daar is nie water nie, hulle vrek sonder water.

³Ek maak die hemel donker, Ek trek vir hom rouklere aan.

Wie wil my aankla?

⁴Die Here my God het my geleer om die regte woorde te gebruik sodat ek dié wat moeg is, kan moed inpraat. Elke môre laat Hy my opnuut weer luister, Hy laat my luister soos 'n leerling moet luister.

⁵Die Here my God het my geleer om te luister: ek was nie teen Hom opstandig nie, ek was nie ontrou aan Hom nie.

⁶Ek het my rug gehou vir dié wat my slaan, my wang vir dié wat my baard uittrek. Ek het my gesig nie weggedraai toe ek bespot en bespoeg is nie.

⁷Die Here my God help my, ek sal nie teleurgestel staan nie; ek sal my nie ontstel nie, ek weet ek sal nie in verleentheid kom nie.

⁸Hy wat my onskuldig sal verklaar, is naby; wie wil 'n aanklag teen my inbring? Laat ons elkeen sy saak stel. Wie wil my aankla? Laat hom vorentoe kom.

⁹Die Here my God help my; wie sal my dan skuldig verklaar? Dit is verby met almal wat my beskuldig, soos met 'n lap wat deur motte gevreet word.

¹⁰Wie van julle dien die Here en luister na sy dienaar? Wie in die donker loop en geen lig sien nie, moet op die Here vertrou, moet op sy God steun.

¹¹Maar julle wat vure aansteek, wat brandpyle gereed maak, julle sal in julle eie vuur brand, deur julle eie brandpyle sal julle doodbrand. Dit is my mag wat dit oor julle bring, julle sal beland in die plek waar die pyn nooit ophou nie.

Jesaja 51

Die redding wat Ek bring, sal altyd bly

- ¹Luister na My, julle wat wil reg doen, julle wat na die wil van die Here vra: Dink aan die rots waaruit julle gekap is, aan die klipgroef waaruit julle gegrawe is.
- ²Dink aan Abraham, julle voorvader, aan Sara wat vir julle in die wêreld gebring het. Ek het Abraham geroep toe hy kinderloos was en Ek het hom geseën en hom 'n groot nageslag gegee.
- ³Nou gaan die Here Hom oor Sion ontferm, Hy gaan Hom oor al die puinhope daar ontferm. Hy gaan die woestyngedeeltes maak soos Eden, die barre wêreld soos die tuin van die Here. Daar sal vreugde en blydskap in Sion wees, daar sal gedank en gesing word.
- ⁴Luister na My, my volk, my volk, gee aandag aan wat Ek sê: My onderrig sal uitgaan na die volke toe, my wil sal vir die nasies die koers aanwys.
- ⁵Die redding wat Ek bring, kom baie gou, die verlossing wat Ek bewerk, is op pad, Ek self regeer oor die nasies. Die eilande wag op My, hulle wag dat Ek My laat geld.
- ⁶Kyk op na die hemel, kyk na die aarde hier onder: die hemel sal soos rook verdwyn, die aarde sal word soos ou klere, en almal wat daarop woon, sal doodgaan soos muggies, maar die verlossing wat Ek bewerk, sal vir altyd wees, die redding wat Ek bring, sal altyd bly.
- ⁷Luister na My, julle wat doen wat reg is, volk in wie se hart my wet is, moenie bang wees vir die spot van mense nie, moenie skrik as hulle julle beledig nie.
- ⁸Hulle is soos lap wat deur motte gevreet word, soos wol wat deur vismotte verniel word. Maar die redding wat Ek bring, sal vir altyd wees, die verlossing wat Ek bewerk, sal daar wees vir elke geslag.
- ⁹Gryp in, Here, gryp in! Toon u mag, u krag! Gryp in soos in die ou tyd, soos in tye lank gelede. Is dit dan nie U wat vir Rahab verslaan het nie, wat die seemonster deurboor het nie?

¹⁰Is dit nie U wat die see, die groot diep waters laat opdroog het nie, U wat op die seebodem 'n pad gemaak het sodat dié wat verlos is, kon deurgaen nie?

¹¹Dié wat deur die Here verlos is, sal terugkeer, hulle sal juigend in Sion aankom, hulle sal altyd straal van blydschap, hulle sal vol vreugde en blydschap wees, ellende en smart sal verdwyn.

¹²Ek is die Here, Ek bring uitkoms vir julle. Hoe is dit dan dat jy bang is vir 'n sterflike mens, vir 'n mens wat so maklik vergaan soos gras?

¹³Jy vergeet die Here wat jou gemaak het, wat die hemel oopgespan het, wat die aarde se fondamente gelê het. Jy was altyddeur bang vir die woede van die verdrukker, vir hom wat daarop uit was om jou te vernietig, maar waar is die woede van jou verdrukker nou?

¹⁴Binnekort sal dié wat nog gevange gehou word, vrygelaat word, die ballingskap sal nie hulle graf word nie, en hulle sal nie honger ly nie.

¹⁵Ek is die Here jou God, Ek laat die see onstuimig word, Ek laat sy golwe druis. Sy Naam is die Here die Almagtige!

¹⁶Ek het vir jou gesê wat jy moet sê, en jou beskerm in die skaduwee van my hand, want Ek het die hemel oopgespan en die aarde se fondamente gelê en vir Sion gesê: Jy is my volk.

Jerusalem hoef nie langer die oordeelsbeker te drink nie

¹⁷Word wakker, word wakker! Staen op, Jerusalem! Jy wat die oordeelsbeker uit die hand van die Here gedrink het, wat die beker gedrink het wat jou laat steier het, dit leeggedrink het!

¹⁸Onder al die seuns wat jy in die wêreld gebring het, was daar nie een wat jou gelei het nie, onder almal wat jy grootgemaak het, was daar nie een wat jou aan die hand gevat het nie.

¹⁹Kyk wat het jou alles getref. Wie het nog medelye met jou? Daar is net verwoesting en vernietiging, hongersnood en bloedvergieting. Wie kan vir jou uitkoms gee?

²⁰Soos wild wat in 'n vangnet gevang is, lê jou seuns magteloos op die hoeke van die strate, voluit getref deur die toorn van die Here, deur die straf van jou God.

²¹Luister dan tog hierna, jy wat in soveel ellende verkeer, jy wat dronk is, maar nie van wyn nie.

²²So sê die Here, jou Here en jou God wat die saak van sy volk behartig: Ek gaan die beker wat jou laat steier het, uit jou hand wegvat, die beker van my toorn. Jy hoef nie verder daaruit te drink nie.

²³Inteendeel, Ek sit dit in die hand van jou verdrukke, hulle wat vir jou gesê het: “Gaan lê dat ons oor jou kan loop.” Jy moes jou rug soos die grond maak, soos 'n straat vir dié wat oor jou geloop het.

Jesaja 52

Julle sal losgekoop word

¹Word wakker, word wakker, ruk jou reg, Sion. Trek mooi klere aan, Jerusalem, heilige stad! Mense wat nie besny is nie en mense wat onrein is, sal nie meer in jou kom nie.

²Skud die stof van jou af en staan op, Jerusalem, jy wat 'n gevangene is. Maak los die toue om jou nek, Sion, jy wat 'n gevangene is.

³So sê die Here: Ek het julle verkoop, maar nie vir geld nie; julle sal losgekoop word, maar nie deur geld nie.

⁴So sê die Here my God: In die begin het my volk afgegaan na Egipte toe en daar gewoon as vreemdelinge; later het Assirië hulle verdruk.

⁵En wat kry Ek nou hier in Babel? vra die Here. My volk is sonder rede weggevoer, hulle leiers huil, sê die Here. My Naam word gedurig belaster.

⁶Daardie dag sal my volk my Naam bely: dat Ek die Here is, dat dit Ek is wat sê: Hier is Ek!

⁷Hoe wonderlik klink op die berge die voetstappe van hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: “Jou God is Koning! ”

⁸Hoor, jou wagte roep hard, hulle jubel almal saam, want hulle sien dat die Here na Sion toe terugkom.

⁹Jubel en juig, puinhope van Jerusalem, want die Here het vir sy volk uitkoms gebring, Hy het Jerusalem verlos.

¹⁰Die Here het sy heiligheid, sy mag, geopenbaar voor die oë van al die nasies. Tot aan die uithoeke van die aarde sal hulle die redding sien wat ons God bewerk het.

¹¹Gee pad, gee pad, kom uit uit Babel! Moenie aan iets raak wat onrein is nie. Kom uit daar! Sorg dat julle rein is, julle wat die tempelgereedskap dra.

¹²Julle hoef nie haastig pad te gee nie, julle hoef nie soos vlugteling te vertrek nie: Die Here gaan voor julle uit, die God van Israel kom agter julle aan.

Oor óns sondes is hy verbrysel

¹³My dienaar sal voorspoedig wees. Hy sal hoog in aansien wees, hy sal baie eer ontvang.

¹⁴Baie mense was ontsteld oor hom, hy was so misvormd dat hy nie meer soos 'n mens gelyk het nie, nie meer die voorkoms van 'n mens gehad het nie.

¹⁵Maar hy gaan baie nasies laat opspring van verbasing. Konings sal sprakeloos wees oor hom, want hulle sal iets sien wat nie aan hulle vertel is nie, hulle sal iets te wete kom wat hulle nog nooit gehoor het nie.

Jesaja 53

¹Wie sal ons glo as ons hiervan vertel? Wie sal die mag van die Here hierin kan raaksien?

²Die dienaar was soos 'n loot wat voor die Here uitspruit, soos 'n plant wat wortel skiet in droë grond. Hy het nie skoonheid of prag gehad dat ons na hom sou kyk nie, nie die voorkoms dat ons van hom sou hou nie.

³Hy was verag en deur die mense verstoot, 'n man van lyding wat pyn geken het, iemand vir wie die mense die gesig wegdraai. Hy was verag, ons het hom nie gereken nie.

⁴Tog het hy óns lyding op hom geneem, óns siektes het hy gedra. Maar ons het hom beskou as een wat gestraf word, wat deur God geslaan en gepynig word.

⁵Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sý wonde het daar vir ons genesing gekom.

⁶Ons het almal gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop, maar die Here het ons almal se sonde op hom laat afkom.

⁷Hy is mishandel, maar hy het geduldig gebly, hy het nie gekla nie. Soos 'n lam wat na die slagplek toe gelei word en soos 'n skaap wat stil is as hy geskeer word, het hy nie gekla nie.

⁸Terwyl hy gely het en gestraf is, is hy weggeneem, en wie van sy mense het dit ter harte geneem dat hy afgesny is uit die land van die lewendes? Hy is gestraf oor die sonde van my volk.

⁹Hy het 'n graf gekry by goddeloses, hy was by sondaars in sy dood al het hy geen misdaad gepleeg nie en al was hy nooit vals nie.

¹⁰Dit was die wil van die Here om hom te verbrysel, om hom die pyn te laat ly. As hy sy lewe as skuldoffer gee, sal hy 'n nageslag hê en nog lank lewe, deur hom sal die wil van die Here sy doel bereik.

¹¹Ná sy bitter lyding sal hy weer die lig sien en hy sal die Here ken. My dienaar, die regverdige, sal baie mense regverdig maak: hy sal die straf vir hulle sonde dra.

¹²Daarom gee Ek hom 'n ereplek onder die grotes. Hy sal saam met magtiges die oorwinning vier omdat hy hom in die dood oorgegee het en as misdadiger beskou is, omdat hy die sondes van baie op hom geneem het en vir oortreders gebid het.

Jesaja 54

My liefde vir jou sal nooit verdwyn nie

¹Jubel, onvrugbare vrou, jy wat geen kinders in die wêreld gebring het nie, jubel en juig, jy wat geen geboortepyne geken het nie, want jy, verstote vrou, gaan nou meer kinders hê as een wat getroud is, sê die Here.

²Maak groter die plek vir jou tent, maak breër jou tentdoeke, moenie suinig daarmee werk nie. Maak langer die tentlyne en slaan die tentpenne dieper in,

³want jy sal na alle kante toe uitbrei; jou nageslag sal nasies verdryf en in die stede wat nou verwoes is, gaan woon.

⁴Moenie bang wees nie, jy sal nie weer in die skande kom nie, moenie so verleë daar staan nie, jy sal nie weer verneder word nie. Jy sal die skande uit jou jong dae vergeet en nie meer dink hoe jy verneder is toe jy 'n weduwee was nie.

⁵Hy wat jou gemaak het, is jou man, sy Naam is die Here die Almagtige. Die Heilige van Israel is jou Verlosser; Hy word die God van die hele wêreld genoem.

⁶Jy is 'n verstote en bitter bedroefde vrou, maar die Here roep jou terug, want hoe kan 'n man sy eie vrou vergeet? sê jou God.

⁷Net 'n oomblik het Ek jou verstoot, in my groot liefde vat Ek jou terug.

⁸In 'n opwelling van toorn wou Ek 'n kort tydjie niks met jou te doen hê nie, maar Ek ontferm My oor jou met 'n liefde wat nooit vergaan nie, sê die Here, jou Verlosser.

⁹Soos met die waters van Noag is dit vir My: soos Ek met 'n eed bevestig het dat die waters van Noag nie weer die aarde sal oorstrom nie, so bevestig Ek met 'n eed dat Ek nie langer toornig op jou sal wees en jou sal straf nie.

¹⁰Berge kan padgee, heuwels kan wankel, maar my liefde vir jou sal nooit verdwyn nie, my vredeverbond met jou sal nooit wankel nie, sê die Here, wat jou liefhet.

¹¹Jy, verdrukte, bedreigde stad vir wie daar nie uitkoms was nie, Ek sal jou klippe vasmessel met goeie klei, Ek maak jou fondamente van saffiersteen.

¹²Ek maak jou torings van robyne en jou poorte van smarag, jou hele stadsmuur van kosbare klip.

¹³Al jou inwoners sal leerlinge van die Here wees, en hulle sal altyd vrede geniet.

¹⁴Geregtigheid sal in jou heers. Jy hoef nie bang te wees vir verdrukking nie, ook nie vir verskrikking nie, want dit sal nie naby jou kom nie.

¹⁵As iemand jou aanval, het Ek hom nie gestuur nie; wie jou aanval, sal die onderspit teen jou delf.

¹⁶Dit is Ek wat die ambagsman geskep het, die ambagsman wat die vuur aanblaas en allerhande wapens daarin smee. Dit is Ek wat die verwoester geskep het om af te breek.

¹⁷Geen wapen wat gesmee word om jou aan te val, sal iets uitrig nie; elkeen wat vals teen jou getuig, sal gestraf word. Dit is hoe Ek, die Here, vir my dienaars sorg. Ek laat geregtigheid aan hulle geskied, sê die Here.

Jesaja 55

Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit

¹Kom, almal wat dors is, kom na die water toe, selfs ook dié wat nie geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder om te betaal, wyn en melk.

²Waarom betaal julle vir iets wat nie brood is nie, waarom werk julle vir iets wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My, sodat julle kan eet wat goed is en versadig kan word met die beste wat daar is.

³Gee aandag en kom na My toe, luister, en julle sal lewe. Ek wil met julle 'n ewige verbond sluit, Ek wil my troue liefde aan julle betoon soos aan Dawid.

⁴Ek het hom 'n getuie gemaak vir die volke, 'n regeerder en gebieder van volke.

⁵Nou sal jy nasies ontbied wat jy nie geken het nie, en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou toe hardloop ter wille van die Here jou God, die Heilige van Israel, omdat Hy jou in eer herstel het.

⁶Vra na die wil van die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is.

⁷Die goddelose moet sy verkeerde pad laat staan, die slegte mens sy slegte planne. Hy moet hom tot die Here bekeer, dan sal Hy hom genadig wees; hy moet hom tot ons God bekeer, Hy vergewe altyd weer.

⁸My gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle optrede nie soos Myne nie, sê die Here;

⁹soos die hemel hoër is as die aarde, so is my optrede verhewe bo julle optrede en my gedagtes bo julle gedagtes.

¹⁰Die reën en die sneeu kom uit die hemel uit en dit gaan nie daarheen terug nie maar deurweek die aarde en laat die plante bot en vrugte dra, sodat daar saad is om te saai en brood om te eet.

¹¹So sal die woord wat uit my mond kom, ook wees: dit sal nie onverrigter sake na My toe terugkeer nie, maar dit sal doen wat Ek gedoen wil hê en tot stand bring waarvoor Ek dit gestuur het.

¹²Julle sal met blydschap uit Babel wegtrek en in vrede gelei word; die berge en die heuwels sal voor julle uit jubel en juig en al die bome in die veld sal hande klap.

¹³In die plek van 'n doringbos sal daar 'n sipres opskiet, in die plek van 'n dissal sal daar 'n mirteboom opskiet. Dit sal tot eer van die Here wees, 'n blywende teken wat nooit vernietig sal word nie.

Jesaja 56

Ek sal nog ander byvoeg

¹So sê die Here: Laat reg geskied, doen reg, want die verlossing wat Ek bring, is al aan die kom, en die redding wat Ek bewerk, gaan nou geopenbaar word.

²Dit gaan goed met die mens wat die sabbat onderhou en dit nie ontheilig nie, wat sorg dat hy niks verkeerds doen nie. Dit gaan goed met die mens wat hom hieraan hou.

³'n Nie-Israeliet wat by die volk van die Here aangesluit het, moenie dink: die Here sal my van sy volk afsny nie. 'n Ontmande moenie van homself dink: ek is maar 'n droë boom nie.

⁴So sê die Here: Aan die ontmandes wat my sabbatte onderhou, wat kies vir wat Ek wil, en wat lewe volgens my verbond,

⁵aan hulle sal Ek in my tempel en aan sy mure 'n teken gee, 'n erenaam wat beter is as seuns en dogters. Ek sal aan sulke mense 'n naam gee wat nie uitgewis sal word nie.

⁶Ek sal die nie-Israeliete wat by my volk aansluit om My te dien, om my Naam lief te hê, en om my dienaars te wees, almal wat my sabbatte onderhou en dit nie onheiligh nie, en wat lewe volgens my verbond,

⁷na my heilige berg toe bring. Ek sal aan hulle vreugde gee in my huis van gebed, hulle brandoffers, hulle offers op my altaar sal vir My aanneemlik wees, want my tempel sal uitgeroep word tot 'n huis van gebed vir al die volke.

⁸Die Here my God wat die verstrooides van Israel bymekaarmaak, sê: Ek sal nog ander byvoeg by dié wat reeds bymekaargemaak is.

Hulle is herders sonder insig

⁹Kom verslind my volk, al julle wilde diere, al julle diere in die bos!

¹⁰Dié wat oor my volk moet waak, is almal blind, hulle weet niks nie. Hulle is almal stom honde, hulle kan nie blaf nie; hulle lê net, hulle wil net slaap.

¹¹Hulle is gulsige honde, hulle ken nie so iets soos genoeg kry nie. Hulle is herders sonder insig, hulle slaan elkeen sy eie koers in, elkeen is op sy eie voordeel uit.

¹²Hulle sê: “Kom, hier is die wyn, kom ons slaan die bier weg! Môre sal soos vandag wees, selfs nog baie beter.”

Jesaja 57

Julle is 'n broeisel leuenaars

¹Die regverdige kom om, en daar is niemand wat dit ter harte neem nie; dié wat aan die verbond getrou is, sterf sonder dat iemand begryp dat dit deur die boosheid in die wêreld is dat die regverdiges sterf.

²Dié wat die reguit pad loop, kom waar daar vrede is, hulle rus in die graf.

³Maar kom julle nader hierheen, kinders van 'n towerheks, julle wat gebore is uit owerspel en hoerery!

⁴Met wie wil julle spot? Teen wie wil julle grootpraat, vir wie wil julle tong uitsteek? Julle is niks anders as 'n klomp rebelle nie, 'n broeisel leuenaars!

⁵Julle dien die afgode met julle wellus onder die groot bome, onder elke groen boom. Julle offer julle kinders in die laagtes en onder die oorhangende rotse.

⁶Julle verkies die afgodsbeelde in die laagte, daar soek julle julle deel. Vir hulle bring julle drankoffers en offer julle graanoffers. Moet Ek My hiervoor oor julle ontferm?

⁷Op die hoë berge het jy 'n plek ingerig vir jou onsedelikheid en daarheen opgeklim om offers te bring.

⁸Agter jou deure en aan jou kosyne het jy beeldjies opgehang. In jou ontrou aan My het jy jou kaal uitgetrek, op jou bed geklim en vir jou minnaars plek gemaak. Jy het jou verbind aan dié saam met wie jy graag geslaap het. Jy het hulle naaktheid geniet.

⁹Jy het na Molek toe gegaan met olie en met baie wierook; jy het jou boodskappers na ver plekke toe gestuur, selfs tot by die doderyk!

¹⁰Jou soekery het jou moeg gemaak; tog het jy nie gesê: “Dit is sinloos!” nie. Jou wellus het jou aanhou oorweldig, daarom het jy nie opgehou nie.

¹¹Vir wie was jy so bang en bevrees dat jy vals geword het? Jy dink nie meer aan My nie, jy steur jou nie meer aan My nie. Ek het lank geswyg toe jy My nie meer gedien het nie,

¹²maar nou sal Ek jou skynheiligheid aan die kaak stel, alles wat jy gedoen het, en jou gode sal jou nie kan help nie.

¹³As jy om hulp roep, moet jou spul gode jou kom red, maar 'n wind waai hulle almal weg, 'n yl luggie vat hulle weg. Maar wie by My skuil, sal die land besit en my heilige berg as eiendom ontvang.

Ek sal hulle genees

¹⁴Die Here het gesê: Vul die pad op, vul dit op, maak dit gereed! Verwyder die struikelblokke uit die pad van my volk.

¹⁵So sê Hy wat hoog en verhewe is, Hy wat ewig leef en wie se Naam die Heilige is: Ek woon in 'n hoë en heilige plek en Ek is by hom wat verdruk en nederig is. Ek gee nuwe krag aan die nederiges, Ek gee nuwe krag aan die verdruktes.

¹⁶Ek reken nie vir altyd sondes toe nie, Ek bly nie vir altyd toornig nie, want anders sou dit die einde beteken van die mens, die mens aan wie Ek die asem gegee het.

¹⁷Ek het toornig geword oor my volk se sonde en hebsug, Ek het hom geslaan en hom verlaat omdat Ek toornig was. Hy was opstandig en het sy eie koers ingeslaan.

¹⁸Ek het gesien wat met hom gebeur, en Ek sal hom genees. Dié van hom wat treur, sal Ek lei en terugbring; Ek sal vir hulle uitkoms gee.

¹⁹Ek stel hulle in staat om My weer te loof. Vrede vir dié wat ver is, vrede vir dié wat naby is, sê die Here. Ek sal hulle genees.

²⁰Maar die goddeloses is soos die onstuimige see wat nie tot rus kan kom nie en waarvan die golwe aanhou om slyk en modder uit te stoot.

²¹Vir die goddeloses is daar geen vrede nie, sê my God.

Jesaja 58

Wys my volk op hulle oortredinge

¹Die Here sê: Roep uit volle bors, moet niks verswyg nie! Laat jou stem hoor, duidelik soos 'n ramshoring! Wys my volk op hulle oortredinge, die afstammeling van Jakob op hulle sondes.

²Hulle vra wel elke dag na my wil, asof hulle graag wil weet wat Ek van hulle verwag. Hulle gee voor dat hulle 'n nasie is wat doen wat reg is en hom aan die bepalings van sy God hou. Hulle vra My wel om regverdige beslissings asof hulle van my teenwoordigheid hou.

³Hulle vra: “Waarom vas ons, maar U sien dit nie, verootmoedig ons ons, maar U gee nie aandag daaraan nie?” Dit is omdat julle op die vasdae doen wat julle wil en die mense wat vir julle werk, nog harder laat werk.

⁴Julle vasdae loop uit op twis en rusie, julle dam mekaar met die vuus by. Julle kan nie op hierdie manier vas en dan verwag dat julle gebed verhoor sal word in die hemel nie.

⁵Is dit ál wat Ek op 'n vasdag wil hê: net dat 'n mens homself verneder, dat hy sy nek buig soos 'n biesie en in sak en as sit? Noem jy dít 'n vasdag, 'n dag waarvan die Here hou?

⁶Is die vas wat Ek wil hê, nie dít nie: om dié wat onregverdig gevange gehou word, te bevry, om die juk wat op mense druk, af te haal, om verdruktes vry te maak, om elke juk te breek?

⁷Is dit nie dat jy vir dié wat honger is, van jou brood gee nie, dat jy aan die armes en die dakloses 'n blyplek gee nie, dat wanneer jy iemand sonder klere sien, jy vir hom klere gee nie, dat jy jou medemens nie aan sy lot oorlaat nie?

⁸Dan sal die lig vir jou deurbreek soos die rooidag, jy sal gou herstel. Hy wat jou red, sal voor jou uit gaan, die mag van die Here sal agter jou aankom.

⁹Dan sal jy roep, en die Here sal antwoord, jy sal om hulp roep, en Hy sal sê: Hier is Ek! As jy sorg dat mense nie meer by jou verdruk word nie, nie meer gedreig en vals beskuldig word nie,

¹⁰as jy jou wy aan dié wat honger het, as jy voorsien in die behoeftes van dié wat in nood is, sal die lig vir jou skyn wanneer dit donker is, sal wat vir jou nag is, word soos die helder middag.

¹¹Die Here sal jou altyddeur lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak. Jy sal wees soos 'n tuin met volop water, soos 'n fontein waarvan die water nie opdroog nie.

¹²Jou mense sal die ou puinhope herbou, die fondamente herstel wat al geslagte lank bestaan. Jy sal bekend staan as 'n volk wat sy afgebreekte mure herbou, wat sy strate herstel sodat daar weer mense kan woon.

¹³As jy nie op die sabbat oortree nie, op my heilige dag doen net wat jy wil nie, as jy die sabbat 'n vreugde noem, as jy die heilige dag van die Here in ere hou, as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie te doen net wat jy wil nie, en nie handel dryf nie,

¹⁴sal jy vreugde vind in die Here. Ek sal jou die land weer in besit laat neem, Ek sal jou laat eet van die opbrengs van die land van jou vader Jakob. Ek, die Here, het dit gesê.

Jesaja 59

Ons sondes kla ons aan

¹Die arm van die Here is nie te kort om te help nie en sy oor is nie te doof om te hoor nie.

²Dit is julle oortredinge wat skeiding gebring het tussen julle en julle God, dit is julle sondes wat maak dat Hy Hom nie aan julle steur nie en nie na julle wil luister nie.

³Julle hande is met bloed bevlek, julle vingers met onreg. Julle praat net leuens, julle bedink net onreg.

⁴Niemand stel sy saak eerlik nie, geen uitspraak is betroubaar nie. Almal vertrou op leë woorde, wat hulle sê, is nie waar nie, hulle is swanger van kwaad, hulle bring onreg voort.

⁵Hulle broei slangeiers uit, hulle weef spinnerakke. Wie van daardie eiers eet, sterf; as dit oopgebreek word, kom daar slange uit.

⁶Hulle spinnedrade deug nie vir klere nie, hulle kan hulle nie toemaak met wat hulle gemaak het nie; hulle dade is misdade, hulle pleeg net geweld.

⁷Hulle is daarop uit om kwaad te doen, hulle aarsel nie om onskuldige bloed te vergiet nie. Hulle planne is bose planne: oral waar hulle gaan, is daar verwoesting en ondergang.

⁸Hulle ken nie so iets soos 'n pad van vrede nie, waar hulle loop, is daar geen reg nie; hulle loop krom paaie, wie hulle volg, sal nie vrede ken nie.

⁹Daarom is daar geen sprake van reg en geregtigheid vir ons nie. Ons wag op lig, maar dit bly donker, ons wag op 'n straaltjie lig, maar ons pad bly pikdonker.

¹⁰Ons tas teen die mure soos blindes, ons tas rond soos mense wat geen oë het nie. Ons struikel helder oordag soos in die skemer, ons is soos dooies onder gesonde mense.

¹¹Ons is almal soos grommende bere, soos duiwe wat kla en kla. Ons wag op reg, maar daar is geen reg nie, op redding, maar dit bly ver van ons af.

¹²Ons oortredings teen U is baie, ons sondes kla ons aan. Ons oortredings bly ons by, ons bly bewus van ons sondes:

¹³die oortreding en die geveinsdheid teenoor die Here, die ontrou teenoor ons God, die beplanning van onderdrukking, die verdraaiing van die reg, die uitdink en rondvertel van leuens.

¹⁴Die reg het van die toneel verdwyn, die geregtigheid is ver van ons af, want die waarheid struikel waar daar reg gespreek word, eerlikheid kan nie daar inkom nie.

¹⁵Die waarheid het verdwyn, wie ophou om kwaad te doen, word daaroor vervolg. Die Here het dit gesien en dit is verkeerd in sy oë dat daar geen reg is nie.

¹⁶Hy sien dat daar niemand tussenbeide tree nie, Hy is verbaas daaroor. Daarom tree Hy self op en laat Hy self sy geregtigheid geld.

¹⁷Hy trek geregtigheid aan soos 'n pantser en redding is die helm op sy kop; Hy trek straf aan as klere, Hy hang woede om Hom soos 'n mantel.

¹⁸Hy vergeld volgens verdienste: toorn vir sy teëstanders, straf vir sy vyande, vergelding vir die eilande soos hulle verdien.

¹⁹Van oos tot wes sal die Naam en die mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop.

²⁰Die Here kom na Sion toe as Verlosser, na dié toe in Jakob wat hulle van hulle sonde bekeer. So sê die Here.

²¹Wat My betref, sê die Here, dit is my verbond met die volk: my Gees wat op jou is en my woorde wat Ek in jou mond lê, sal nie uit jou mond en uit die mond van jou kinders en jou kindskinders verdwyn nie, sê die Here, nie nou nie en nooit nie.

Jesaja 60

Nasies kom na jou lig toe

¹Kom, Jerusalem, laat skyn jou lig! Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring.

²Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies, maar oor jou gee die Here lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid.

³Nasies kom na jou lig toe en konings na die glans van die nuwe dag wat vir jou aangebreek het.

⁴Kyk rondom jou, kyk, hulle kom almal bymekaar, hulle kom na jou toe: jou seuns kom van ver af, jou dogters word met liefde gebring.

⁵Jy sal dit sien en van vreugde straal, jy sal bewe van blydschap, want die rykdom van die see word joune, die skatte van die nasies kom in jou besit.

⁶Jou land sal vol kamele wees, jong kamele uit Midian en Efa. Almal wat uit Skeba kom, bring goud en wierook en verkondig die lof van die Here.

⁷Al die kleinvee van Kedar word vir jou bymekaargemaak, die ramme van Nebajot is tot jou beskikking; hulle is aanneemlike offers op my altaar. So vermeerder Ek die roem van die huis waar Ek geëer word.

⁸Wat kom hier aangesweef soos wolke, soos duiwe na hulle neste toe?

⁹Dit is die skepe van die eilande wat na My toe op pad is; heel voor is die skepe van Tarsis af. Hulle bring jou seuns van ver af, en ook silwer en goud, tot eer van die Here jou God, die Heilige van Israel, omdat Hy jou roem wil vermeerder.

¹⁰Uitlanders sal jou mure herbou, en hulle konings sal in jou diens wees. Ek het jou in my toorn gestraf, maar in my genade ontferm Ek My oor jou.

¹¹Jou poorte sal altyd oop staan, dag of nag sal hulle nie gesluit word nie sodat die rykdomme van die nasies na jou toe gebring kan word, en hulle konings as gevangenes na jou toe gelei kan word.

¹²Die nasie, die koninkryk wat jou nie dien nie, sal verdwyn, dié nasies sal heeltemal tot niet gaan.

¹³Die hoë bome van die Libanon sal na jou toe kom, sipresse, platane en denne, om die roem van my heiligdom te vermeerder, om luister te verleen aan my tempel:

¹⁴dié wat jou verdruk het, sal na jou toe kom en buig, almal wat jou met minagting behandel het, sal by jou voete kniel. Hulle sal jou noem: Stad van die Here, Sion van die Heilige van Israel.

¹⁵Jy sal nie meer verstoot en gehaat wees nie, 'n plek waar niemand kom nie, want Ek gee blywende roem aan jou, vreugde sonder einde.

¹⁶Jy sal deur nasies en konings versorg word soos 'n kind wat aan sy moeder se bors gevoed word. Dan sal jy besef dat Ek die Here is, jou Redder, dat die magtige God van Jakob jou Verlosser is.

¹⁷Ek gee vir jou goud in die plek van brons, silwer in die plek van yster, brons in die plek van hout, yster in die plek van klip. Ek laat vrede oor jou regeer, Ek laat geregtigheid jou bestuur.

¹⁸Daar sal nie meer gehoor word van geweld in jou land nie, of van ondergang en verwoesting binne jou grense nie. Jy sal jou mure noem: Redding, jou poorte: Lof.

¹⁹Bedags sal dit nie die son wees wat vir jou lig gee nie, snags sal dit nie die maan wees wat oor jou skyn nie: die Here sal vir jou 'n ewige lig wees, en jy sal roem in jou God.

²⁰Jou son en jou maan is die Here, Hy gaan nie onder nie en word nie dof nie. Die Here sal vir jou 'n ewige lig wees, jou dae van smart is verby.

²¹Al jou inwoners sal regverdiges wees, hulle sal die land vir altyd besit. Hulle is die loot wat Ek self daar geplant het, die werk van my hande om my roem te vermeerder.

²²Die kleinste onder hulle sal duisende word, die swakste 'n sterk nasie. Wanneer die tyd daarvoor kom, doen Ek dit. Ek is die Here.

Jesaja 61

Eer in plaas van smart

¹Die Gees van die Here my God het oor my gekom; die Here het my gesalf om 'n blye boodskap te bring aan die mense in nood, Hy het my gestuur om dié wat moedeloos is, op te beur, om vir die gevangenes vrylating aan te kondig, vryheid vir dié wat opgesluit is,

²om aan te kondig dat die tyd gekom het waarop die Here genade betoon, die dag waarop ons God sy vyande straf maar almal wat treur, vertroos,

³die dag waarop Hy vir dié in Sion wat treur, eer gee in plaas van smart, vreugde in plaas van droefheid, blydschap in plaas van hartseer. Hulle sal genoem word: Bome van Redding. Die Here het hulle geplant om sy roem te vermeerder.

⁴Hulle sal die eeue-oue puinhoop opbou, plekke herbou wat lankal verlate lê, hulle sal verwoeste stede weer opbou, plekke wat geslagte lank verlate lê.

⁵Uitlanders sal in julle diens wees en julle kleinvee oppas, vreemdes sal in julle lande en julle wingerde werk.

⁶Julle sal genoem word: Priesters van die Here, Dienaars van ons God. Julle sal van die rykdom van die nasies geniet, die trotse eienaars word van hulle besittings.

⁷In plaas van vernedering sal julle twee keer soveel besittings hê as tevore, in plaas van minagting sal julle lof ontvang oor wat julle besit. Julle sal in julle land twee keer soveel besit as tevore en julle sal altyd vreugde hê.

⁸Ek is die Here, Ek het die reg lief, Ek haat roof en misdaad. In my trou sal Ek my volk gee wat Ek beloof het, Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit.

⁹Hulle afstammeling sal bekend wees onder die nasies, hulle nakomeling onder die volke. Almal wat na my volk kyk, sal besef dat hulle 'n volk is wat deur die Here geseën is.

¹⁰Ek is baie bly oor die Here, ek juig oor my God, want Hy het my gered, vir my oorwinnaarsklere aangetrek. Ek is soos 'n bruidegom met 'n priesterkroon op, soos 'n bruid met haar juwele aan.

¹¹Soos die grond plante laat uitspruit, soos die plante in 'n tuin vrugte gee, so gee die Here my God die oorwinning en laat Hy al die nasies luister na die loflied tot sy eer.

Jesaja 62

Die Here het jou lief

¹Ter wille van Sion sal ek nie swyg nie, ter wille van Jerusalem sal ek nie stilbly nie totdat daar vir hom redding deurgebreek het soos 'n nuwe dag, soos die lig van 'n brandende fakkel.

²Die nasies sal sien dat jy gered is, Jerusalem, al die konings sal sien dat jy mag het. Jy sal 'n nuwe naam kry, 'n naam wat die Here self vir jou gekies het.

³Die Here sal jou soos 'n sierlike kroon in sy hand hou, jou God sal jou soos 'n koninklike tulband vashou.

⁴Jy sal nie meer die verstote vrou genoem word nie, en jou land nie meer die een wat verlate lê nie. Jy sal genoem word: “Die een vir wie die Here liefhet,” en jou land: “Die een wat aan die Here behoort.” Die Here het jou lief, en jou land behoort aan Hom.

⁵Soos 'n jong man met 'n meisie trou, so sal jou volk jou syne maak en vir jou sorg. Soos 'n bruidegom bly is oor sy bruid, so sal jou God oor jou bly wees.

⁶Ek het wagte op jou mure uitgesit, Jerusalem, hulle sal dag en nag roep. Julle wat die Here aan sy beloftes moet herinner, julle moenie stilbly nie.

⁷Julle moenie stilbly nie totdat Hy Jerusalem herstel het, totdat Hy die hele wêreld die roem van Jerusalem laat sing het.

⁸Die Here het 'n eed afgelê, en deur sy groot mag sal Hy dit gestand doen: Ek sal jou koring nie weer aan jou vyande gee om te eet nie, uitlanders sal nie weer die wyn drink waarvoor jy hard gewerk het nie.

⁹Dié wat die koring oes, sal dit eet en hulle sal My loof; dié wat die druiwe oes, sal die wyn drink in die voorhof van my heiligdom.

¹⁰Gaan uit, gaan uit by die poorte, maak die pad gereed vir die volk! Vul die grootpad op, vul dit op! Vat weg die klippe! Steek 'n banier op dat die volke dit kan sien!

¹¹Die Here kondig dwarsoor die wêreld aan: “Sê vir Sion: Hy wat jou red, kom! Sy volk wat Hy Syne gemaak het, is by Hom, dié wat aan Hom behoort, loop voor Hom uit.”

¹²Hulle sal genoem word: “Gewyde volk, volk wat deur die Here verlos is.” En jy, Jerusalem, sal genoem word: “Gewilde stad, stad wat nie verlate lê nie.”

Jesaja 63

Ek het volke getrap in my toorn

¹Wie is dit wat daar aankom uit Edom, wat daar uit Bosra kom met bloedrooi klere aan? Wie is so indrukwekkend met daardie rooi klere aan, so vol krag? Dit is Ek, die Here, Ek wat oorwinning aankondig, wat magtig is om te red.

²Waarom is u klere so rooi, waarom lyk dit soos dié van iemand wat die wynpers trap?

³Ek alleen het die wynpers getrap, niemand van die volke het My bygestaan nie. Ek het op hulle getrap in my toorn, Ek was woedend en Ek het hulle getrap. Hulle bloed het op my klere gespat, en Ek het my klere daarmee rooi gemaak.

⁴Ek het besluit om nou my vyande te straf; die tyd van verlossing vir my volk het aangebreek.

⁵Ek het rondgekyk, maar daar was niemand om te help nie, Ek was ontsteld toe niemand My bystaan nie. Ek het self opgetree, my woede het My bygestaan.

⁶Ek het volke getrap in my toorn, Ek het hulle laat steier deur my woede, Ek het hulle bloed oor die grond laat vloei.

U is tog ons vader

⁷Ek sal die troue liefde van die Here verkondig, die roemryke dade van die Here, alles wat Hy vir ons gedoen het, sy groot goedheid vir Israel, alles wat Hy gedoen het in sy genade, in sy groot liefde.

⁸Hy het gesê: Hulle is my volk, kinders wat nie ontrou sal word nie. Daarom het Hy hulle gered

⁹uit al hulle nood. Hy was vir hulle nie 'n vyand nie, Hy self was die engel wat hulle gered het. Hy het hulle verlos deur sy liefde en ontferming; Hy het hulle opgetel en hulle altyd gedra.

¹⁰Maar hulle het in opstand gekom en het sy Heilige Gees bedroef, daarom het die Here vir hulle 'n vyand geword en het Hy self teen hulle geveg.

¹¹Toe het sy volk gedink aan die ou dae, aan die tyd van Moses, en gevra: Waar is Hy wat sy kudde dwarsdeur die see gebring het saam met hulle herder? Waar is Hy wat sy Heilige Gees onder hulle gegee het?

¹²Waar is Hy wat sy groot mag saam met Moses laat gaan het, die waters voor sy volk oopgekloof het en vir Hom 'n ewige Naam gemaak het?

¹³Waar is Hy wat sy volk deur die diep waters gelei het sonder dat iemand struikel, hulle gelei het soos perde deur 'n woestyn gelei word?

¹⁴Soos 'n trop beeste na 'n groen vallei toe afgaan, so het die Gees van die Here sy volk na 'n woonplek toe gebring, so het U u volk gelei om die roem van u Naam te vermeerder.

¹⁵Kyk uit die hemel uit af, sien ons tog raak uit u heilige en verhewe woning. Waar is u brandende liefde, u magtige dade? Is U nie meer oor ons bewoë nie? Ontferm U U nie meer oor ons nie?

¹⁶U is tog ons vader. Abraham weet niks van ons nie en Israel is nie van ons bewus nie; U, Here, is ons vader, van ouds af is u Naam: Ons Verlosser.

¹⁷Waarom het U ons laat afdwaal van u paaie af, Here? Waarom het U ons hardkoppig gemaak sodat ons U nie gedien het nie? Wees tog weer soos vroeër ter wille van u dienaars, ter wille van die volk wat aan U behoort.

¹⁸'n Kort rukkie kon u gewyde volk u tempel gebruik, maar ons vyande het dit verwoes.

¹⁹Ons het geword soos dié oor wie U nie van ouds af geregeer het nie, oor wie u Naam nie uitgeroep is nie.

Jesaja 64

¹As U maar die hemel wou oopskeur en wou afkom sodat die berge voor U skud!

²Kom af soos 'n vuur wat fynhoutjies laat brand, soos 'n vuur wat water laat kook. Laat u Naam só aan u vyande bekend word, laat die nasies só voor U bewe.

³Toe U wonders gedoen het, wonders wat ons nie verwag het nie, toe U destyds afgekom het, het die berge voor U geskud.

⁴Van ouds af het niemand so iets gehoor nie, het niemand so iets verneem nie, het geen oog 'n god gesien wat vir dié wat op hom vertrou, doen wat U doen nie.

⁵U kom dié te hulp wat met blydschap doen wat reg is, dié wat onthou hoe U wil hê hulle moet lewe. U was kwaad vir ons, want ons het gesondig. Ons het so lank daarmee aangehou, hoe kan ons dan nog gered word?

⁶Ons het almal geword soos mense wat onrein is, ons beste daad is soos vuil klere; ons is almal soos verdroogde blare, ons word deur ons sondes weggewaai soos deur 'n wind.

⁷Daar is niemand wat tot U om hulp roep nie, niemand wat sy krag in U soek nie. U het ons aan onself oorgelaat, U laat ons wegkwyd deur ons sondes.

⁸U is ons vader, Here, ons is klei en U het ons gevorm, ons is almal die werk van u hande.

⁹Moet tog nie aanhou kwaad wees vir ons nie, Here, moenie ons sonde vir altyd teen ons hou nie, onthou tog ons is almal u volk.

¹⁰U heilige stad het 'n woestyn geword: Sion het 'n woestyn geword, Jerusalem is onbewoonbaar.

¹¹Ons heilige en pragtige tempel waar ons voorouers U geloof het, is deur vuur verwoes, alles wat vir ons dierbaar was, lê in puin.

¹²Raak hierdie dinge U dan nie, Here? Gaan U nie ingryp nie? Gaan U aanhou om ons te laat ly?

Jesaja 65

Ek gaan hulle straf

¹Ek het my wil geopenbaar aan 'n volk wat nie na My gevra het nie. Ek het My laat vind deur mense wat My nie in die gebed gesoek het nie. Vir 'n nasie wat My nie aangeroep het nie, het Ek gesê: Hier is Ek! Hier is Ek!

²Ek het gedurig my hande uitgesteek na 'n opstandige volk wat 'n pad geloop het wat nie goed is nie, wat hulle eie kop gevolg het.

³Hierdie volk beledig My gedurig in my gesig, hulle bring soos heidene offers in tuine en brand wierook op hulle altare.

⁴Hulle sit tussen die grafte en bly snags in geheime plekke. Hulle eet varkvleis, en daar is onrein vleis in hulle borde.

⁵Hulle sê: “Bly waar jy is! Moenie naby my kom nie! Ek is te heilig vir jou!” Hierdie mense maak My woedend, hulle laat my toorn losbreek.

⁶By My staan dit vas: Ek gaan ingryp, Ek gaan hulle straf, Ek gaan hulle straf volgens wat hulle verdien.

⁷Ek gaan hulle straf oor hulle en hulle voorvaders se sondes, sê die Here. Hulle het wierook gebrand op die berge en My beledig op die heuwels. Ek gaan hulle straf vir hulle dade van vroeër, volgens wat hulle verdien.

⁸So sê die Here: Wanneer 'n druiwetros nog sap het, sê die mense: “Moet dit nie weggooi nie, want dit het nog nut.” So sal Ek doen ter wille van my dienaars, Ek sal hulle nie almal verwerp nie.

⁹Ek sal aan Jakob 'n nageslag gee, aan Juda 'n nageslag wat my bergland sal besit. Dié wat Ek uitverkies het, sal dit in besit neem, my dienaars sal daar woon.

¹⁰Die Saronvlakte sal 'n weiveld wees vir die kleinvee, die Akorlaagte 'n lêplek vir die beeste, vir dié uit my volk wat vra na my wil.

¹¹Maar julle wat van die Here afvallig geword het, julle wat my heilige berg vergeet het, julle wat vir die afgod Gad offermaaltye hou, wyn insink vir die afgod Meni,

¹²Ek gaan julle straf met die dood, julle sal almal inmekaarsak en doodgesteek word, omdat julle nie geantwoord het toe Ek geroep het nie, nie geluister het toe Ek gepraat het nie. Julle het gedoen wat verkeerd is in my oë, julle het gekies vir wat My nie aanstaan nie.

¹³Daarom, so sê die Here my God, sal my dienaars genoeg hê om te eet, maar julle sal honger ly; my dienaars sal genoeg hê om te drink, maar julle sal dors ly; my dienaars sal bly wees, maar julle sal teleurgestel staan.

¹⁴My dienaars sal jubel omdat dit met hulle goed gaan, maar julle sal skreeu van pyn, julle sal huil van hartseer.

¹⁵Dié wat Ek uitverkies het, sal julle naam gebruik om mense mee te vervloek. Die Here my God sal julle ombring, maar aan dié wat Hom dien, gee Hy 'n nuwe toekoms.

¹⁶Elkeen in die land wat om voorspoed bid, sal dit doen in die Naam van die God wat getrou is, en elkeen in die land wat 'n eed aflê, sal dit doen in die Naam van die God wat getrou is. Die swaarkry van vroeër sal vergeet wees, Ek laat dit verdwyn.

'n Nuwe hemel en 'n nuwe aarde

¹⁷Ek gaan 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde skep; aan dié wat daar nou is, sal daar nie meer gedink word nie, hulle sal nie onthou word nie.

¹⁸Wees bly, en jubel sonder ophou oor wat Ek gaan skep: Ek gaan 'n Jerusalem skep wat vol blydskap is, sy inwoners sal vreugde hê.

¹⁹Ek sal jubel oor Jerusalem, Ek sal bly wees oor my volk. Daar sal in Jerusalem nie meer iemand gehoor word wat huil of om hulp roep nie.

²⁰Daar sal geen kind sterf wat maar 'n paar dae oud is nie en geen grysaard wat nie sy jare uitgeleef het nie. As iemand op honderdjarige leeftyd sterf, sal dit beskou word asof hy jonk gesterf het; as hy nie honderd word nie, sal hy beskou word as iemand wat vervloek is.

²¹Dan sal mense huise bou en self daarin woon, hulle sal wingerde plant en self die druiwe eet.

²²Hulle sal nie huise bou waarin ander sal woon nie, hulle sal nie wingerde plant waarvan ander die druiwe sal eet nie. My volk sal so oud word soos 'n boom. Dié wat Ek uitverkies het, sal self die vrug van hulle handewerk geniet.

²³Hulle sal hulle nie tevergeefs vermoei nie, hulle sal nie kinders hê vir wie daar rampe wag nie, want hulle sal 'n volk wees wat deur die Here geseën word, hulle en hulle afstammelinge.

²⁴Voor hulle nog roep, sal Ek antwoord, terwyl hulle nog praat, sal Ek hulle gebed verhoor.

²⁵Die wolf en die lam sal saam wei, die leeu sal strooi vreet soos 'n bees, en stof sal die kos van die slang wees. Op my heilige berg sal niks verkeerds gedoen word nie, niks vernietig word nie, sê die Here.

Jesaja 66

Die mag van die Here sal geopenbaar word

¹So sê die Here: Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete. Hoe moet die huis dan wees wat julle vir My bou, die plek waar Ek kan woon?

²Ek het alles gemaak en so het alles ontstaan, sê die Here. Ek slaan ag op die mens in nood, op dié een wat berou het oor sy sonde, wat ontsag het vir my woord.

³Die mense offer bulle maar hulle maak ook mense dood as offers, hulle offer lammers maar hulle breek ook honde se nekke as offers, hulle bring graanoffers maar ook offers van varkbloed, hulle offer wierook maar hulle prys ook afgode; hulle het besluit om hulle eie kop te volg, hulle is lief vir hulle afskuwelike afgodsoffers.

⁴Daarom besluit Ek dat hulle gestraf moet word en bring Ek verskrikking oor hulle. Toe Ek geroep het, het niemand geantwoord nie, toe Ek gepraat het, het niemand geluister nie; hulle het gedoen wat verkeerd is in my oë, hulle het gekies vir wat My nie aanstaan nie.

⁵Hoor die woord van die Here, julle wat ontsag het vir sy woord: Julle broers deur wie julle gehaat word, deur wie julle verstoot word ter wille van my Naam, sê: “Laat die Here sy mag bewys, dat ons kan sien waarom julle so bly is!” Maar hulle sal ontnugter word:

⁶hoor die rumoer daar in die stad, hoor daar in die tempel, hoor hoe die Here sy vyande straf oor hulle dade.

⁷Bring 'n vrou 'n kind in die wêreld voordat sy geboortepyne het? Kry sy 'n kind voordat die pyne haar oorval?

⁸Wie het al so iets gehoor? Wie het dit al gesien? Word 'n land op een dag gebore, of word 'n nasie in een oomblik in die wêreld gebring? Maar Sion het skaars geboortepyne gekry of sy het haar kinders in die wêreld gebring.

⁹Sou Ek die moederskoot laat oopgaan en nie 'n geboorte laat plaasvind nie? vra die Here. Of sou Ek wat geboortes laat plaasvind, die moederskoot toesluit? vra jou God.

¹⁰Wees bly saam met Jerusalem en juig saam met haar, almal wat haar liefhet. Wees vrolik saam met haar, almal wat oor haar getreur het.

¹¹Julle sal aan haar drink totdat julle genoeg het, totdat julle veilig voel; julle sal drink van die oorvloed wat sy het, en dit geniet.

¹²So sê die Here: Ek laat vrede na haar toe aankom soos 'n rivier, Ek laat die rykdom van die nasies na haar toe stroom. Julle sal aan haar drink, aan haar bors gedra word en op haar skoot getroetel word.

¹³Soos 'n moeder haar kind laat veilig voel, so laat Ek julle veilig voel. Julle sal veilig voel in Jerusalem.

¹⁴Julle sal dit beleef en julle sal bly wees; julle sal nuwe lewe kry soos groen gras wat uitspruit. So sal die mag van die Here geopenbaar word aan sy dienaars, en sal Hy sy vyande straf.

¹⁵Die Here kom in vuur, sy strydwaens is soos 'n stormwind. Hy kom sy toorn koel, Hy kom die straf voltrek met vuur.

¹⁶Die Here kom om al wat leef, te straf met vuur en swaard, Hy sal baie laat sterf.

¹⁷Die mense wat hulleself wy en reinig om in 'n optog na die tuine toe te gaan, wat varkvleis eet en afskuwelike afgodsoffers en muise, sal almal uitgeroei word, sê die Here.

¹⁸Ek weet wat hulle doen en dink; die tyd kom dat Ek al die nasies en al die taalgroepe bymekaar gaan maak. Hulle sal kom en hulle sal sien hoe magtig Ek is.

¹⁹Ek sal 'n teken onder hulle oprig en Ek sal van dié van hulle wat die oordeel oorleef het, uitstuur na ander nasies toe, na Tarsis, na Pul, na Lud met sy bedrewe boogskutters, na Tubal, na Griekeland, en na die ver eilande toe wat nie van my roem gehoor het nie en nie my mag ervaar het nie. So sal dié wat Ek gestuur het, onder die nasies verkondig hoe magtig Ek is.

²⁰Hulle sal al julle volksgenote uit al die nasies as 'n geskenk vir die Here saambring op perde, op waens, op drastoele, op muile en op kamele. Hulle sal hulle bring na my heilige berg toe, na Jerusalem toe, sê die Here. Hulle sal hulle bring soos die Israeliete die graanoffers in rein skottels na die huis van die Here toe bring.

²¹Ek sal van hulle as priesters en Leviete aanstel, sê die Here.

²²Soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek gaan maak, in my diens sal staan, sê die Here, so sal julle nageslag en julle roem in my diens staan.

²³Elke nuwemaansfees en elke sabbat sal al wat leef, voor My in aanbidding kom buig, sê die Here.

²⁴Wanneer hulle uit die stad uitgaan, sal hulle die lyke sien van die mense wat hulle teen My verset het. Die wurms wat aan hulle vreet, sal nie vrek nie, en die vuur waarin hulle brand, sal nie geblus word nie; hulle sal iets afgrysliks wees vir al wat leef.

Jeremia

Jeremia 1

Die tyd van sy optrede

¹Die woorde van Jeremia. Hy was 'n seun van Gilkija en 'n priester uit Anatot in Benjamin.

²Die woord van die Here het tot hom gekom tydens die regering van koning Josia van Juda, seun van Amon. Dit was in die dertiende regeringsjaar van Josia.

³Daarna het die woord van die Here tot Jeremia gekom tydens die regering van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, en telkens tot die einde van die elfde regeringsjaar van koning Sedekia van Juda, seun van Josia. In die vyfde maand van daardie jaar is die inwoners van Jerusalem in ballingskap weggevoer.

Jeremia word tot profeet geroep

⁴Die woord van die Here het tot my gekom:

⁵Voordat Ek jou in die moederskoot gevorm het, het Ek jou geken; voordat jy gebore is, het Ek jou aan My gewy en jou as profeet vir die nasies aangestel.

⁶“Ag, Here my God,” het ek geantwoord, “ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk.”

⁷Toe sê die Here vir my: Jy moenie sê: “Ek is te jonk” nie. Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur, en alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê.

⁸Moenie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou, Ek sal jou red. Dit is wat die Here gesê het.

⁹Hy het sy hand uitgesteek, my mond aangeraak en vir my gesê: Ek het nou my woorde in jou mond gelê.

¹⁰Kyk, Ek stel jou vandag aan oor nasies en oor koninkryke om af te breek en uit te roei, om te vernietig en plat te slaan, te bou en te vestig.

¹¹Die woord van die Here het tot my gekom: Wat sien jy, Jeremia? Ek het geantwoord: “Ek sien 'n amandeltak.”

¹²Die Here het geantwoord: Jy het reg gesien. Ek staan gereed om te doen wat Ek gesê het.

¹³Die woord van die Here het 'n tweede keer tot my gekom: Wat sien jy? Ek het geantwoord: “Ek sien 'n kokende pot in die noorde en dit kantel oor hiernatoe.”

¹⁴Toe sê die Here vir my: Van die noorde af gaan Ek 'n ramp stuur oor almal wat in hierdie land woon.

¹⁵Ek gaan alle volke, alle koninkryke van die noorde af roep, sê die Here. Hulle konings sal elkeen sy troon kom oprig voor die poorte van Jerusalem, by die mure rondom die stad en by al die stede van Juda.

¹⁶Ek sal die mense van Juda straf vir al hulle sondes: hulle het My verlaat, vir ander gode offers gebring en voor hulle eie handewerk in verering gebuig.

¹⁷Maak klaar, staan op, sê vir hulle alles wat Ek jou beveel. Moenie vir hulle skrik nie, want dan verpletter Ek jou voor hulle oë.

¹⁸Ek maak jou vandag 'n vestingstad, 'n ysterpilaar, 'n bronsmuur sodat jy staande kan bly teen die hele land, teen die koningshuis van Juda en al sy amptenare, teen sy priesters en teen die bevolking.

¹⁹Hulle sal teen jou veg maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou red.

Jeremia 2

My volk het My vergeet

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²Gaan roep hierdie woorde uit sodat elkeen in Jerusalem dit kan hoor. So sê die Here: Ek onthou nog hoe getrou jy aan My was in jou jeug; hoe lief jy My gehad het toe jy my bruid geword het, toe jy My die woestyn in gevolg het, in 'n wêreld waar niks geplant word nie.

³Israel was toe aan die Here gewy soos die eerste vrugte van die oes. Niemand wat hierdie vrugte geëet het, het ongestraf gebly nie, rampe het hom getref, sê die Here.

⁴Hoor die woord van die Here, mense van Jakob, al julle stamme van Israel!

⁵So sê die Here: Waarin het Ek gefaal dat julle voorvaders van My af weggedraai het, dat hulle niks werd afgode gedien het en so self niks geword het?

⁶Hulle het nie gevra: “Waar is die Here wat ons uit Egipteland laat optrek het?” nie. Hy het ons deur die woestyn gelei, deur 'n droë wêreld vol slote, deur 'n dor land vol doodsgevaar, deur 'n land waardeur niemand trek en waarin geen mens woon nie.

⁷Ek het julle in 'n vrugbare land gebring om die vrugte daarvan en die goeie dinge daarin te geniet, maar toe julle in my land gekom het, het julle dit verontreinig; die land wat my eiendom is, is deur julle besoedel.

⁸Die priesters het nie gevra: “Waar is die Here?” nie, dié wat my wil moes bekend maak, het My nie erken nie. Die regeerders het hulle teen My verset, die profete het in die naam van Baäl opgetree en gode gedien wat nie kan help nie.

⁹Daarom kla Ek jou weer aan, sê die Here, en ook jou nakomelinge kla Ek aan.

¹⁰Gaan na die Kittiëreilande toe en kyk 'n bietjie, stuur boodskappers na Kedar toe en dink goed na: Het daar al ooit so iets gebeur,

¹¹dat 'n nasie sy gode verruil het, selfs al was hulle geen gode nie? Maar my volk het My, hulle magtige God, verruil vir gode wat nie kan help nie.

¹²Selfs die hemel moet daaroor skrik en beef en sidder! sê die Here.

¹³My volk het twee sondes begaan: Hulle het My, die bron van lewende water, verlaat, en hulle het vir hulle waterbakke uit klip gekap, waterbakke wat gebars is en nie water hou nie.

¹⁴Het Israel 'n slaaf geword of is hy 'n slaaf gebore? Waarom is hy dan buitgemaak?

¹⁵Waarom brul en grom die leeus so teen hom? Waarom is sy land verwoes en lê sy stede in puin, sonder inwoners?

¹⁶Die manne van Memfis en Tagpanges sal jou kop inmeekaarslaan.

¹⁷Jy het jou dit self aangedoen omdat jy My, die Here jou God, verlaat het toe Ek jou op jou pad gelei het.

¹⁸Wat wil jy bereik deur na Egipte toe te gaan en water uit die Nyl te gaan drink? Wat wil jy bereik deur na Assirië toe te gaan en water uit die Eufraat te gaan drink?

¹⁹Die kwaad wat jy gedoen het, sal jou straf word; omdat jy van My af weggedraai het, sal jy daaronder ly. Jy sal agterkom hoe rampspoedig dit is, jy sal proe hoe bitter dit is om My, die Here jou God, te verlaat, om geen eerbied meer vir My te hê nie, sê die Here God, die Almagtige.

²⁰Jy het my gesag lankal verwerp, jou van My losgemaak, geweier om My te dien; jy het op elke hoë heuwel en onder elke groen boom aan tempelprostitusie deelgeneem en so die afgode gedien.

²¹Toe Ek jou geplant het, was jy 'n goeie wingerdstok, opreg gekweek, maar hoe het jy nie verander in onkruid, in 'n wilde wingerdstok nie!

²²Al sou jy jou was met loog of met hoe baie seep, Ek sal nog die vlekke van jou sonde sien, sê die Here my God.

²³Hoe kan jy dan sê: “Ek het my nie verontreinig nie, ek het nie die Baäls gedien nie”? Kyk hoe het jy jou gedra in die Hinnomdal. Besef tog wat jy gedoen het! Jy was soos 'n kameelkoei wat bul soek, wat kruis en dwars hardloop,

²⁴soos 'n wildedonkie wat tuis is in die woestyn. Jy was soos 'n bronsige kameelkoei wat die wind opsnuif, wat onkeerbaar is in haar hittigheid. Die bulle wat haar soek, hoef hulle nie moeg te hardloop agter haar aan nie; wanneer sy wil paar, kry hulle haar maklik.

²⁵Moenie jou skoene stukkend loop agter die afgode aan nie, jou keel laat droog word van die dors nie! Maar jy sê: “Ek sal nie daarmee ophou nie! Ek het die vreemde gode lief, ek wil hulle dien.”

²⁶Soos 'n dief in die skande kom wanneer hy betrap word, so sal die Israeliete in die skande kom: hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters en hulle profete.

²⁷Dit is hulle wat vir 'n stuk hout sê: “My vader,” en vir 'n klip: “U het my in die wêreld gebring.” Na My toe het hulle hulle rug gedraai in plaas van hulle gesig. Dit is net wanneer 'n ramp hulle tref dat hulle sê: “Kom red ons tog!”

²⁸Waar is jou gode wat jy vir jou gemaak het? Laat hulle jou kom red wanneer 'n ramp jou tref, as hulle kan! Soveel stede as wat jy het, Juda, net soveel gode het jy.

²⁹Waarom twis julle met My? Julle het almal teen My in opstand gekom, sê die Here.

³⁰Tevergeefs het Ek julle kinders gestraf, hulle het nie 'n les daaruit geleer nie. Soos leeus wat alles verskeur, het julle julle profete doodgemaak.

³¹Slaan ag op die woord van die Here, my volk! Was Ek dan vir Israel soos 'n woestyn of soos 'n stikdonker land? Waarom het my volk dan gesê: “Ons rebelleer, ons wil U nie meer dien nie?”

³²Vergeet 'n meisie haar juwele of 'n bruid haar trourok? Tog het my volk My jare gelede al vergeet.

³³Hoe geoefen is jy in die kuns om minnaars te seek; jy het al so gewoon geraak aan die kwaad!

³⁴Die some van jou klere is vol bloed, die bloed van arm en onskuldige mense, nie dié van mense wat jy op inbraak betrap het nie. En ten spyte van dit alles

³⁵sê jy: “Ek is onskuldig; die Here is nie toornig op my nie.” Maar Ek gáán jou straf omdat jy gesê het: “Ek het nie gesondig nie.”

³⁶Hoe laag het jy gedaal deur jou wispelturigheid! Egipte sal jou net so in die steek laat as wat Assirië jou in die steek gelaat het.

³⁷Jy sal daarvandaan terugkom sonder dat jy jou sin gekry het, want Ek het almal verwerp op wie jy vertrou het; by hulle sal jy geen hulp kry nie.

Jeremia 3

Kom terug!

¹Die Here vra: Mag 'n man as hy van sy vrou skei en sy hom verlaat en 'n ander man se vrou word, na haar toe teruggaan? Sou die land nie vreeslik verontreinig word nie? En jy wat by so baie minnaars geslaap het, wil jy na My toe terugkom? vra die Here.

²Kyk op na die heuweltoppe: waar het jou minnaars nie by jou geslaap nie? Langs die paaie het jy vir hulle gesit en wag soos 'n Arabier in die woestyn, en jy het die land verontreinig met jou onsedelikheid, met jou slegte gedrag.

³Daarom het Ek die reënbuie teruggehou en het die vroeë reëns nie gekom nie, maar jy het soos 'n hoer geen berou getoon nie, jy het geweier om jou te skaam.

⁴En nou noem jy My skielik: “My vader,” en sê jy: “U is my vriend vandat ek 'n kind was.

⁵Sal U vir altyd kwaad wees, vir altyd toornig wees? ” Dit is wat jy gesê het, maar jy het verkeerd bly doen net waar jy kon.

⁶Dit was tydens die regering van koning Josia. Die Here het vir my gesê: Het jy gesien wat die ontroue Israel gedoen het? Sy het op elke hoë berg en onder elke groen boom gaan ontug pleeg!

⁷Ek het gedink: nadat sy al hierdie dinge gedoen het, sal sy na My toe terugkom, maar sy het nie teruggekom nie. En haar ontroue suster Juda het dit alles aanskou.

⁸Toe Ek die trouelose Israel oor al haar ontrou verstoot en die skeibrief aan haar gegee het, het Ek gesien dat haar ontroue suster Juda nie afgeskrik is nie. Ook sy het gaan ontug pleeg.

⁹Dit was vir Israel niks om haarself en die land te verontreinig nie, sy het owerspel gepleeg met afgodsbeelde van klip en hout.

¹⁰En asof dit nie genoeg was nie, het haar ontroue suster Juda na My toe teruggekom, maar nie met volle oorgawe nie; dit was vals, sê die Here.

¹¹Toe het die Here vir my gesê: Die trouelose Israel is minder skuldig as die ontroue Juda.

¹²Gaan roep hierdie woorde na die noorde toe uit en sê: Trouelose Israel, kom terug, sê die Here. Ek sal nie langer vir julle kwaad wees nie, want Ek is getrou, sê die Here, Ek bly nie vir altyd kwaad nie.

¹³Erken net jou skuld, dat jy teen die Here jou God in opstand gekom het deur onder elke groen boom vreemde gode te gaan dien en so aan My ongehoorsaam te wees, sê die Here.

¹⁴Kom terug, kinders wat afgedwaal het, sê die Here. Ek maak julle my eiendom. Ek sal julle vat, een uit 'n stad en twee uit 'n familie, en julle na Sion toe bring.

¹⁵Ek sal vir julle herders gee na my hart, en hulle sal julle verstandig en met insig lei.

¹⁶Wanneer julle vrugbaar is en baie word in die land, in daardie dae, sê die Here, sal niemand meer uitroep: “Die verbondsark van die Here!” nie; dit sal nie meer in iemand se gedagte opkom nie, niemand sal dit eers meer noem of dit mis nie en niemand sal 'n nuwe maak nie.

¹⁷In daardie tyd sal hulle Jerusalem noem: “Die troon van die Here” en al die nasies sal in Jerusalem bymekaarkom om die Naam van die Here te eer. Hulle sal nie hardkoppig bly nie.

¹⁸In daardie dae sal Juda by Israel aansluit en hulle sal saam uit die noordelike landstreek kom na die land wat Ek as besitting aan hulle voorvaders gegee het.

¹⁹Ek het gesê: Hoe graag wil Ek jou 'n seun van My maak en aan jou 'n lieflike land gee, 'n besitting liefliker as enigiets wat enige nasie het. Ek het gesê: Noem My “Vader” en moet nooit weer van My af wegdraai nie.

²⁰Maar soos 'n vrou wat ontrou is aan haar man, so was julle, Israel, ontrou aan My, sê die Here.

²¹Hoor hoe smEEK en huil die Israeliete op die heuweltoppe, want hulle het die verkeerde pad geloop, hulle het die Here hulle God vergeet.

²²Kom terug, kinders wat afgedwaal het, Ek wil 'n einde maak aan julle afdwaling. Kyk, ons kom na U toe, want U is die Here ons God!

²³Die lawaai op die heuwels, op die berge, lewer niks op nie. Die redding van Israel kom net van die Here ons God af.

²⁴Van vroeg af al het die skandegod Baäl die vrug van ons voorvaders se arbeid verteer, hulle kleinvee en hulle grootvee, ook hulle seuns en hulle dogters.

²⁵Ons wil in die aarde insink oor die skande, ons wil wegkruip van skaamte, want ons het teen die Here ons God gesondig, ons en ons voorvaders, van ons jeug af tot vandag toe. Ons was ongehoorsaam aan die Here ons God.

Jeremia 4

¹As jy jou wil bekeer, Israel, moet jy jou tot My bekeer, sê die Here. As jy jou afskuwelike afgode voor My wegvat, moet jy nie meer dwaal nie.

²Wanneer jy 'n eed aflê en sê: “So seker as die Here leef,” moet dit in waarheid wees, moet jy reg laat geskied en reg doen. Dan sal die nasies hulle seën van die Here verwag en in Hom roem.

³So sê die Here vir die mense van Juda en Jerusalem: Ploeg vir julle 'n braakland en moenie in die dorings saai nie.

⁴Wy julle aan die diens van die Here, en verwyder alle ontrou uit julle harte, mense van Juda, inwoners van Jerusalem, sodat my toorn oor julle bose dade nie losbreek soos 'n vuur en bly brand sonder dat dit geblus word nie.

'n Ramp kom uit die noorde

⁵Vertel dit in Juda, maak dit in Jerusalem bekend en sê: “Blaas die ramshoring in die land! ” Roep hard en sê: “Kom bymekaar, laat ons in die vestingstede ingaan! ”

⁶Swaai die vaandel: Na Sion toe! Soek veiligheid, moenie talm nie! Ek, die Here, laat onheil uit die noorde kom, 'n groot ramp.

⁷Die leeu het opgestaan uit sy lêplek, die vernietiger van die nasies is op pad, hy het uit sy blyplek uitgegaan om jou land te verwoes. Jou stede sal in puin lê, sonder inwoners.

⁸Daarom, trek rouklere aan, huil en kerm, want die toorn van die Here rus nog op ons.

⁹Daardie dag, sê die Here, sal die koning en die amptenare se moed hulle begewe, die priesters sal verslae staan en die profete sal nie weet waarheen nie.

¹⁰Toe sê ek: “Ag, Here my God! U het hierdie volk en Jerusalem bedrieg. U het gesê: ‘Julle sal vrede hê,’ maar nou lê die swaard teen ons kele.”

¹¹Daardie tyd sal daar vir hierdie volk en vir Jerusalem gesê word: ‘n Gloeiende wind kom oor die heuweltoppe uit die woestyn uit op my volk af, maar nie om die kaf weg te waai en die koring skoon te waai nie.

¹²Ek bring die wind in sy volle krag oor hulle, Ek gaan nou die oordeel oor hulle uitspreek.

¹³Kyk, die vyand kom so skielik soos wolke, sy strydwaens kom soos 'n stormwind, sy perde is vinniger as arende. Ellende wag vir ons, dit is klaar met ons!

¹⁴Jerusalem, reinig jou hart van die kwaad, dat jy behoue kan bly. Hoe lank sal jy nog bouse planne in jou omdra?

¹⁵Daar kom 'n boodskap uit Dan, daar kom slegte nuus van die Efraimsberge af.

¹⁶Vertel dit aan die nasies, maak dit aan Jerusalem bekend: Daar kom wagte uit 'n ver land, hulle beveel hulle manskappe om die stede van Juda aan te val.

¹⁷Soos mense wat graanlande oppas, staan hulle rondom Jerusalem, want hy het teen My gerebelleer, sê die Here.

¹⁸Jou eie optrede, jou eie daade het hierdie dinge oor jou gebring, dis jou eie boosheid wat dit so bitter maak, wat jou in jou hart tref.

¹⁹O die krampe in my ingewande, o die benoudheid in my hart! My hart bons wild, ek kan dit nie tot bedaring bring nie, want ek het die geluid van die ramshoring gehoor, en die oorlogskrete!

²⁰Die val van die een stad na die ander word uitgeskreeu, die hele land is verwoes. Met een slag is my wonings vernietig, in een oomblik my woonplekke.

²¹Hoe lank sal ek nog die vyande se vaandel sien, die geluid van die ramshoring hoor?

²²My volk tree dwaas op, hulle erken My nie, hulle is moedswillige kinders, sonder enige begrip van wat Ek doen. Hulle is net slim as dit kom by verkeerd doen, van goed doen wil hulle niks weet nie.

²³Ek het na die land gekyk, en dit was onbewoonbaar, na die hemel, en die lig was daaruit weg;

²⁴ek het na die berge gekyk, en hulle het gebewe, na al die heuwels, en hulle het geskud.

²⁵Ek het gekyk, en daar was geen mens nie, selfs die voëls het weggevlieg.

²⁶Ek het gekyk, en die vrugbare grond het in woestyn verander, al die stede het in puin gelê. Dit is die Here wat dit in sy gloeiende toorn gedoen het!

²⁷Ja, so sê die Here: Die hele land sal verwoes wees, maar Ek sal dit nie totaal vernietig nie.

²⁸Daaroor moet die aarde treur en die hemel daarbo donker word, want Ek het my voorneme bekend maak, Ek staan by my besluit, Ek sal nie van plan verander nie.

²⁹Voor die geluid van ruiters en boogskutters uit slaan elke stad op die vlug; hulle hardloop die bosse in, hulle klim tussen die rotse in. Elke stad lê verlate, sonder 'n enkele inwoner.

³⁰Maar jy, verlatene, wat maak jy nou? Wat klee jy jou met bloedrooi klere; wat versier jy jou met goue versiersels, waarvoor smeer jy oogverf aan! Jy maak jou verniet mooi! Jou minnaars het jou verwerp, hulle soek jou lewe.

³¹Ek hoor 'n geskreeu soos van iemand wat in kraam is, 'n benoude kreet soos van 'n vrou wat haar eerste kind in die wêreld bring. Ek hoor vir Sion wat na haar asem hyg, wat haar hande smekend uitsteek en sê: “Ellende wag vir my! Ek is weerloos teen my moordenaars!”

Jeremia 5

Israel en Juda het die Here geminag

¹Loop op en af in die strate van Jerusalem, kyk rond en let op; gaan soek op sy pleine of julle daar iemand kry wat reg doen, wat die waarheid soek. Dan sal Ek Jerusalem se sonde vergewe.

²Selfs al lê hulle 'n eed af in die Naam van die Here, bly dit 'n vals eed.

³En dit terwyl U waarheid eis, Here! U het hulle geslaan, maar hulle het hulle nie aan U gesteur nie; U het hulle hard geslaan, maar hulle het hulle nie laat leer nie, hulle koppe was harder as klip, hulle het geweier om hulle te bekeer.

⁴Ek het eers gedink: dis maar die gewone mense wat so dwaas optree, want hulle ken nie die wil van die Here nie, hulle weet nie wat hulle God van hulle verwag nie;

⁵Ek sal na die leiers toe gaan en met hulle praat, want hulle ken die wil van die Here, hulle weet wat hulle God van hulle verwag. Maar ook hulle het almal in opstand gekom, die gesag van God verwerp.

⁶Daarom sal leeus uit die bos hulle kom doodmaak, wolwe uit die woestyn hulle kom verskeur, en luiperds by hulle stede op die loer lê om elkeen wat uit die stad uitgaan, te vang. Hulle oortredings is baie, hulle het gedurig afgedwaal.

⁷Waarom sou Ek jou vergewe? Jou inwoners het My verlaat, hulle sweer trou aan afgode. Ek het hulle trou laat sweer aan My, maar tog pleeg hulle egbreuk en drom hulle saam in bordele.

⁸Soos branstige hingste het hulle geword, hulle runnik elkeen agter sy naaste se vrou aan.

⁹Sal Ek hulle dan nie hieroor straf nie? vra die Here. Sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie nie?

¹⁰Klim op sy terrasse en kap die wingerde uit, maar moenie alles vernietig nie; sny af die ranke, want hulle is nie die Here s'n nie.

¹¹Die mense van Israel en die mense van Juda was ontrou aan My, sê die Here.

¹²Hulle het Hom geminag, hulle het gesê: “Hy sal dit nie doen nie, daar sal geen kwaad oor ons kom nie en ons sal nie oorlog of hongersnood beleef nie.

¹³Wat die profete sê, is wind, dit is nie die woord van die Here nie. Mag wat hulle sê, oor hulleself kom! ”

¹⁴Die Here, die almagtige God, het vir my gesê: Omdat hulle dit gesê het, maak Ek my woorde in jou mond 'n vuur en hierdie volk hout, sodat die vuur hulle verteer.

¹⁵Kyk, mense van Israel, Ek laat 'n nasie uit 'n ver land teen julle optrek, sê die Here, 'n nasie wat lankal bestaan, van die ou tyd af, 'n nasie wie se taal julle nie ken nie, wie se woorde julle nie verstaan nie.

¹⁶Hulle is dodelike boogskutters, almal dapper vegters.

¹⁷Hulle sal jou oeste en jou kos verteer, jou seuns en jou dogters om die lewe bring, jou kleinvee en jou beeste slag en jou wingerdstokke en jou vyebome vernietig, jou vestingstede waarop jy jou vertrouwe vestig, met die swaard inneem.

¹⁸Maar ook in daardie dae, sê die Here, sal Ek nie 'n einde aan julle maak nie.

¹⁹As hulle vra: “Waarom het die Here ons God al hierdie dinge aan ons gedoen? ” moet jy hulle antwoord: Net soos julle My, die Here, verlaat het en vreemde

gode in julle eie land gedien het, so sal julle in 'n land wat nie aan julle behoort nie, vreemdes dien.

²⁰Vertel dit aan die mense van Jakob, maak dit aan Juda bekend. Sê vir hulle:

²¹Luister hierna, dwase volk wat nie verstaan nie, wat oë het maar nie sien nie, ore maar nie hoor nie.

²²Het julle nie ontsag vir My nie, vra die Here, is julle nie bang vir My nie, vir My wat die sand as grens vir die see gestel het, 'n blywende grens wat dit nie kan oorsteek nie? Die see kan bruis, maar dit kan nie verder gaan nie, sy golwe kan dreun, maar hulle kom nie by die sand verby nie.

²³Maar hierdie volk is rebels en opstandig, hulle het in opstand gekom, My verlaat.

²⁴Hulle het nie vir hulleself gesê: “Ons moet die Here ons God dien wat ons die groot reëns gee, die vroeë en die laat reëns, elkeen op die regte tyd, wat vir ons gesorg het met oeste op die regte tyd” nie.

²⁵Julle oortredings het dit laat verander, julle sondes het die voorspoed van julle weerhou.

²⁶Daar is goddelose mense onder my volk: soos voëlvangers stel hulle strikke en wippe om mense mee te vang.

²⁷Soos 'n voëlvanger 'n hok vol voëls maak, het hulle hulle huise volgemaak met bedrog; dit is waarom hulle magtig en ryk is,

²⁸vet en blink. Hulle boosheid ken geen perke nie, hulle laat die reg nie seëvier nie, hulle verydel die reg van die weeskind en behartig nie die regsak van die armes nie.

²⁹Sal Ek hulle nie hieroor straf nie? vra die Here. Sou Ek My nie wreek op 'n nasie soos hierdie nie?

³⁰Iets vreesliks en afskuweliks het in die land gebeur:

³¹die profete tree vals op, die priesters regeer met hulle eie gesag, en my volk hou daarvan! Maar wat sal julle doen as die einde kom?

Jeremia 6

Jerusalem is 'n stad wat veroordeel is

¹Mense van Benjamin, gaan soek veiligheid buite Jerusalem, blaas die ramshoring in Tekoa, gee vuurseine by Bet-Kerem, want daar dreig onheil uit die noorde, 'n groot ramp.

²Sion is soos 'n mooi maar verwénde dogter, Ek sal hom vernietig.

³Konings sal na hom toe kom met hulle leërs, hulle sal hulle tente rondom opslaan om teen die stad te veg, elkeen sal 'n eie stuk inneem.

⁴Hulle sal sê: “Verklaar oorlog teen hom; kom ons val hom helder oordag aan! Nee, die dag is al verby, die aandskaduwees is al lank.

⁵Kom ons val hom in die nag aan en vernietig sy mooi huise! ”

⁶So sê die Here die Almagtige: Kap bome af en gooi 'n wal op teen Jerusalem. Dit is die stad wat veroordeel is, want verdrukking is daar aan die orde van die dag.

⁷Soos 'n put sy water vars hou, so hou die stad sy boosheid vars; al waarvan Ek daar hoor, is geweld en vernietiging, al wat Ek sien, siekte en wonde.

⁸Jerusalem, neem die waarskuwing ter harte, sodat Ek nie my rug vir jou draai nie, sodat Ek jou nie 'n woesteny maak nie, 'n land waarin niemand woon nie.

⁹So sê die Here die Almagtige: Oes die oorblyfsel van Israel af soos 'n mens 'n wingerd afoes, bring jou hand soos 'n druiweplukker weer en weer terug na die ranke toe.

¹⁰Met wie sal ek praat, wie sal ek waarsku, wie sal na my luister? Hulle ore is doof, hulle is nie in staat om te hoor nie. Hulle praat smalend oor die woord van die Here, dit kan hulle nie skeel nie.

¹¹Die toorn van die Here brand in my, ek kan dit nie verduur nie! Giet dit uit op die kinders in die straat en op die jongmanne waar hulle bymekaarkom; laat mans én vrouens daardeur verteer word, selfs mense wat grys is, wat baie oud is.

¹²Hulle huise sal ander mense s'n word, en ook hulle lande en hulle vrouens, want Ek gaan die inwoners van die land straf, sê die Here.

¹³Almal, klein en groot, wil hulleself net verryk, almal, selfs profete en priesters, is uit op bedrog.

¹⁴Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.

¹⁵Wanneer hulle aan die kaak gestel word oor die gruwelike dinge wat hulle gedoen het, skaam hulle hulle nie eens nie, hulle weet nie van skaamte nie. Daarom sal hulle tot 'n val kom soos al die ander voor hulle; wanneer Ek hulle straf, sal hulle omkom, sê die Here.

¹⁶So sê die Here: Staan by die kruispaaie en kyk, en vra na die ou paaie. Vra watter pad die beste is en loop dit, dan sal julle rus vind. Maar hulle het gesê: “Ons sal nie daardie pad loop nie.”

¹⁷Toe het Ek wagte oor julle aangestel en gesê: Luister na die ramshoring! Maar hulle het geantwoord: “Ons sal nie luister nie.”

¹⁸Daarom moet julle luister, nasies, en kyk wat met hulle gaan gebeur.

¹⁹Luister, aarde! Ek bring onheil oor hierdie volk, hulle sal die vrugte pluk van hulle planne, want hulle het hulle nie aan my woorde gesteur nie, hulle het verwerp wat Ek hulle geleer het.

²⁰Waarom sou Ek omgee vir wierook uit Skeba of kalmoes uit 'n ver land? Ek aanvaar nie julle brandoffers nie, Ek hou nie van julle offers nie.

²¹Daarom sê die Here: Kyk, Ek lê in die pad van hierdie volk struikelblokke dat hulle daaroor kan val; vaders en kinders, vriende en bure sal omkom.

²²So het die Here gesê: Kyk, 'n volk kom uit 'n land in die noorde, 'n groot nasie staan op in 'n uithoek van die aarde.

²³Hulle is gewapen met pyl en boog en swaard, hulle is wreed en hulle spaar niemand nie. Hulle krygsgeskreeu dreun soos die see, hulle kom aan op hulle perde, hulle soldate is reg vir die aanval op jou, Sion.

²⁴Ons het die gerug oor hulle gehoor, ons hande hang slap, angste het ons beetgepak, benoudheid soos die pyn van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring.

²⁵Moenie in die veld ingaan nie, moet ook nie met die pad langs loop nie, want die wapens van die vyand jaag oral skrik aan.

²⁶My volk, trek rouklere aan, rol in die as, treur soos oor die dood van 'n enigste kind, huil bittere trane, want die verwoester is op ons.

²⁷Ek stel jou aan om my volk te toets, Ek maak jou sterk; ondersoek en toets wat hulle doen.

²⁸Hulle is almal hardkoppige rebelle, hard soos brons en yster; hulle loop mekaar en beswadder, hulle is almal korrup.

²⁹Die blaasbalk blaas, maar die vuur kry nie die lood afgeskei nie; die smelter smelt verniet, hy kry die afvalstowwe nie uitgesmelt nie.

³⁰Hulle bly weggooisilwer; dit is wat hulle genoem word, want die Here het hulle verwerp.

Jeremia 7

'n Vals vertroue op die tempel

¹Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het:

²Gaan staan in die poort van die huis van die Here en roep daar hierdie woorde uit: Al julle Judeërs wat by hierdie poorte ingaan om die Here te dien, hoor die woord van die Here!

³So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Maak julle lewe en julle dade reg, dat Ek julle kan laat bly in hierdie land.

⁴Moenie julle vertroue stel in leuens nie. Julle sê: “Ons is veilig! Dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel, dit is die Here se tempel!”

⁵Maak liewers julle lewe en julle dade reg. Doen aan mekaar wat reg is,

⁶moenie vreemdelinge, weeskinders en weduwees onreg aandoen nie, moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie land nie en moenie ander gode dien nie. Dit sal onheil oor julle bring.

⁷As julle aan My gehoorsaam is, sal Ek julle in hierdie plek laat bly, in hierdie land wat Ek vir altyd aan julle voorvaders gegee het.

⁸Julle vertrou op leuens wat julle niks gaan baat nie.

⁹Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, wierookoffers vir Baäl bring, ander gode dien vir wie julle glad nie ken nie,

¹⁰en My dan ook nog in hierdie tempel wat na my Naam genoem is, kom dien en sê: “Ons is veilig” nie! En dan gaan julle maar voort met al hierdie gruwelike dinge!

¹¹Het hierdie huis wat na my Naam genoem is, vir julle 'n rowerspelonk geword? Ek het gesien wat julle doen, sê die Here.

¹²Gaan na Silo toe, na die plek waar Ek voorheen my Naam laat woon het, gaan kyk wat Ek aan hom gedoen het oor die sonde van my volk Israel.

¹³Julle het al hierdie dinge gedoen, sê die Here. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie; Ek het julle geroep, maar julle het nie geantwoord nie.

¹⁴Daarom gaan Ek met hierdie huis wat na my Naam genoem is, en waarin julle julle vertrou stel, en met hierdie land wat Ek aan julle en aan julle voorvaders gegee het, net so maak soos Ek met Silo gemaak het.

¹⁵Ek sal julle verwerp soos Ek julle broers, die hele nageslag van Efraim, verwerp het.

My toorn sal bly brand

¹⁶Jy moenie vir hierdie volk bid nie. Moet My nie ter wille van hulle smeek en by My vir hulle voorspraak probeer doen nie. Ek sal nie na jou luister nie.

¹⁷Sien jy nie wat doen hulle in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem nie?

¹⁸Kinders maak hout bymekaar, die mans steek vure aan en die vrouens knie deeg om koeke te bak vir die koningin van die hemel. Hulle bring ook drankoffers aan ander gode om My seer te maak.

¹⁹Is dit vir My wat hulle seermaak? vra die Here. Nee, hulle maak hulleself seer en hulle bring skande oor hulleself.

²⁰Daarom, sê die Here my God, laat Ek my gloeiende toorn oor hierdie land kom, oor mens en dier, oor die bome in die veld en die opbrengs van die land. My toorn sal bly brand en nie tot bedaring gebring kan word nie.

²¹So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Bring nog meer brandoffers saam met julle offers en eet die vleis.

²²Toe Ek julle voorvaders uit Egipte laat trek het, het Ek hulle nie beveel om vir My brandoffers en ander offers te bring nie.

²³Maar wat Ek hulle beveel het, is: Julle moet My gehoorsaam. Dan sal Ek julle God wees en julle sal my volk wees. Maar julle moet leef soos Ek julle beveel sodat dit met julle goed kan gaan.

²⁴Maar hulle het nie geluister nie en hulle aan My nie gesteur nie. Hulle was hardkoppig en moedswillig, hulle het hulle eie kop gevolg, sodat hulle versleg het in plaas van te verbeter.

²⁵Vandat julle voorvaders uit Egipte getrek het tot vandag toe, het Ek vroeg en laat my dienaars die profete na julle toe gestuur.

²⁶Maar die volk het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie, hulle het hardkoppig gebly en meer kwaad as hulle voorvaders gedoen.

²⁷Al sê jy al hierdie dinge vir hulle, sal hulle nie na jou luister nie; al roep jy hulle, sal hulle jou nie antwoord nie.

²⁸Sê vir hulle hulle is 'n nasie wat ongehoorsaam is aan die Here hulle God en wat hulle nie laat leer nie. Waarheid het verdwyn, dit word nie meer by hulle gehoor nie.

²⁹Sny af die hare wat jy as nasireër laat groei het en gooi dit weg, sing op die heuwels 'n klaaglied, want die Here het die volk wat sy toorn laat ontbrand het, verwerp en verstoot.

Moorddal

³⁰Die Judeërs het gedoen wat verkeerd is in my oë, sê die Here: hulle het hulle afskuwelike afgode gesit in die huis wat na my Naam genoem is en dit so ontwy.

³¹Hulle het die hoogte van Tofet in die Ben-Hinnomdal gebou om daar hulle seuns en dogters in die vuur te offer. Dit was teen my bevel, so iets het selfs nie in my gedagte opgekom nie.

³²Daarom kom daar dae, sê die Here, dat hulle dit nie meer Tofet of Ben-Hinnomdal sal noem nie, maar Moorddal. Hulle sal daar mense begrawe omdat daar nie elders meer plek sal wees vir grafte nie.

³³Daar sal die voëls en die wilde diere die lyke van die volk eet sonder dat iemand hulle verwilder.

³⁴In die stede van Juda en in die strate van Jerusalem sal Ek 'n einde maak aan vreugde en gejuig, aan die vrolikheid van huweliksfeeste. Die land sal 'n puinhoop word.

Jeremia 8

¹Daardie tyd, sê die Here, sal hulle die bene van die konings van Juda en dié van die land se amptenare, die priesters, die profete en die inwoners van Jerusalem uit hulle grafte haal

²en uitsprei voor die son, die maan en al die ander hemelliggame vir wie hulle lief was en gedien het, agter wie hulle aangeloop het, vir wie hulle geraadpleeg het en voor wie hulle gebuig het. Die bene sal nie weer bymekaargemaak en begrawe word nie; soos mis sal hulle bo-op die grond bly lê.

³Vir die res, vir almal wat daar miskien nog oor is, wat oorgebly het van hierdie slegte geslag in al die plekke waarheen Ek hulle verdryf het, sal die dood verkiesliker wees as die lewe, sê die Here die Almagtige.

Niemand het berou oor sy sonde nie

⁴Jy moet vir hulle sê: So sê die Here: Sal iemand val en nie opstaan nie, of wegdraai en nie terugdraai nie?

⁵Waarom draai hierdie volk weg van My af, en waarom hou Jerusalem aan om van My af weg te draai? Hulle hou vol met hulle bedrog, hulle weier om na My toe terug te draai.

⁶Ek het goed geluister en Ek het gehoor dat hulle nie die waarheid praat nie, niemand het berou oor sy sonde nie, niemand sê: “Wat het ek tog gedoen!” nie. Elkeen breek met vaart van My af weg soos 'n perd uit 'n geveg wegstorm.

⁷Die trekooievaar ken sy tye van kom en gaan, die tortelduif, die swaeltjie en die kraanvoël kom op 'n vaste tyd terug, maar my volk wil nie weet wat die Here vir hulle vasgestel het nie.

⁸Hoe kan julle sê: “Ons het wysheid, ons het die wet van die Here by ons”? Dié wat die wet neerskryf, pleeg bedrog, hulle vervals die wet!

⁹Die wyse mense staan verslae, hulle is verbyster, in hulle eie net gevang. Hulle het die woord van die Here verwerp, en wat baat hulle wysheid hulle nou?

¹⁰Ek sal hulle vrouens aan ander gee en hulle grond aan nuwe eienaars, want almal, klein en groot, wil hulleself net verryk, almal, selfs profete en priesters, is uit op bedrog.

¹¹Hulle het 'n goedkoop raat vir die wonde van my volk. Hulle sê net: “Alles is reg! Alles is reg!” Maar niks is reg nie.

¹²Wanneer hulle aan die kaak gestel word oor die gruwelike dinge wat hulle gedoen het, skaam hulle hulle nie eens nie, hulle weet nie van skaamte nie. Daarom sal hulle tot 'n val kom soos al die ander voor hulle; wanneer hulle rekenskap moet gee, sal hulle omkom, sê die Here.

¹³Wanneer Ek die oes by hulle kom insamel, sê die Here, is daar geen druiwe aan die wingerdstok en geen vye aan die vyeboom nie, selfs die blare is verdroog; daarom sal Ek my volk oorgee om vernietig te word.

¹⁴Waarom bly ons sit? Roep almal bymekaar, laat ons in die vestingstede ingaan en daar gaan omkom, want die Here ons God laat ons omkom. Hy gee ons gifwater om te drink, want ons het teen Hom gesondig.

¹⁵Ons wag dat alles moet regkom, maar dit gaan nie goed nie, ons wag op 'n tyd van verbetering, maar daar is net rede tot skrik.

¹⁶Van Dan af hoor 'n mens die gesnuif van die vyand se perde; die gerunnik van sy perde laat die hele land bewe. Die vyand kom en verteer die land en alles daarbinne, elke stad met sy inwoners.

¹⁷Ek stuur giftige slange onder julle in om julle te pik, sê die Here, adders wat niemand kan besweer nie.

Ek is in die rou

¹⁸My smart oorweldig my, ek is hewig ontsteld.

¹⁹Hoor hoe benoud roep my volk uit 'n ver land: “Is die Here nie meer in Sion nie? Is Sion se Koning nie meer in hom nie? ” Waarom tart hulle My met hulle afgodsbeelde, met hulle vreemde nikswerd gode?

²⁰“Die oes is af, die somer is verby, en ons is nog nie gered nie.”

²¹My volk se wonde is ook my wonde, ek is in die rou, deur angs oorweldig.

²²Is daar nie balsem in Gilead nie? Is daar nie 'n dokter nie? Waarom het my volk nie gesond geword nie?

Jeremia 9

¹Ag, was my kop maar vol water en my oë 'n fontein met trane, dan sou ek dag en nag huil oor my volksgenote wat gesnuwel het.

²Ag, was daar maar in die woestyn 'n herberg dat ek my volk hier kon agterlaat en van hulle af kon weggaan daarnatoe. Hulle is almal egbrekers, 'n klomp ontrou mense.

Ek sal hulle deur die smeltkroes laat gaan

³Hulle woorde tref mense soos pyle: bedrog het die oorhand in die land, nie die waarheid nie. Hulle gaan van kwaad tot erger, en My ken hulle nie, sê die Here.

⁴Wees selfs vir 'n vriend op jou hoede, moenie eens 'n broer vertrou nie. Elke broer is 'n onderkruiper en elke vriend 'n kwaadsteker.

⁵Hulle bedrieg mekaar, hulle praat nooit die waarheid nie, hulle is gewoon om te lieg, hulle kan nie ophou sonde doen nie.

⁶Verdrukking volg op verdrukking, bedrog op bedrog, hulle weier om My te erken, sê die Here.

⁷Daarom, so sê die Here die Almagtige, sal Ek hulle deur die smeltkroes laat gaan. Hoe kan Ek anders maak met my volk?

⁸Hulle tong is 'n dodelike pyl, dit lieg en bedrieg. Hulle praat met mekaar asof niks verkeerd is nie, maar in hulle binneste beplan hulle mekaar se ondergang.

⁹Sou Ek nie hieroor rekenskap van hulle eis nie? sê die Here. Sou Ek My nie wreek op so 'n nasie nie?

¹⁰Ek sal huil en kla oor die berge, Ek sal 'n klaaglied sing oor die weivelde in die woestyn. Hulle is verwoes, niemand kom daar verby nie, 'n mens hoor daar geen diere nie; al die voëls en diere het padgegee.

¹¹Ek sal Jerusalem 'n hoop klippe maak, 'n woonplek van jakkalse. Ek sal die stede van Juda verlate plekke maak sonder inwoners.

¹²Waar is die wyse man wat dít kan verstaan? Met wie het die Here gepraat dat dié dit kan vertel? Waarom het die land te gronde gegaan, waarom is dit verwoes dat dit soos 'n woestyn is waar niemand verbygaan nie?

¹³Die Here het gesê: Dit is omdat hulle my wet verlaat het wat Ek hulle gegee het; hulle het nie na My geluister nie en my wet nie nagekom nie,

¹⁴hulle het agter hulle eie harde koppe aangegaan en agter die Baäls aan soos hulle voorvaders hulle geleer het.

¹⁵Daarom, so sê die Here die Almagtige, die God van Israel, gee Ek hierdie volk wildeals om te kou en gifwater om te drink.

¹⁶Ek sal hulle verstrooi onder nasies vir wie nóg hulle nóg hulle voorvaders geken het. Ek sal hulle met die swaard laat agtervolg totdat Ek hulle almal laat uitroei het.

¹⁷So sê die Here die Almagtige: Luister goed! Roep al die klaagvroue dat hulle kom, laat kom die vroue wat weet hoe om klaagliedere te sing.

¹⁸Hulle moet gou maak en 'n klaaglied oor ons sing, sodat die trane uit ons oë loop, ons oë nat is van die trane.

¹⁹Hoor hoe kla dit uit Sion; hoe het die verwoesting ons getref, hoe is ons verslaan! Ons moet die land verlaat, ons huise word omgestoot.

²⁰Vrouens, luister na die woord van die Here, neem alles in wat Hy sê. Leer julle dogters om te kla, laat hulle mekaar klaagliedere leer:

²¹“Die dood het by ons vensters ingeklim, in ons mooi huise ingekom, dit roei die kinders uit op die strate, die jongmense op die pleine.”

²²Jy moet sê: So sê die Here: Die lyke van die mense wat val, sal soos hopies mis lê op die veld, soos gerwe agter dié wat oes, maar niemand sal hulle optel nie.

²³So sê die Here: Die wyse man moet nie in sy wysheid roem nie, die soldaat nie in sy krag nie, die ryk man nie in sy rykdom nie.

²⁴Laat hom wat wil roem, daarin roem dat hy insig het en My ken. Ek is die Here. Ek bewys liefde, reg en geregtigheid op die aarde, want dit is wat Ek wil hê, sê die Here.

²⁵Daar kom dae, sê die Here, dat Ek selfs almal wat besny is, gaan straf,

²⁶of dit nou Egipte, Juda, Edom, die Ammoniete of Moab is, of die woestynbewoners wat hulle koppe aan die kante kaal skeer, want al hierdie volke is tog maar onbesnede, en die hele Israel is onbesnede van hart, hulle is ontrou aan My.

Jeremia 10

Die Here is nie soos die afgode nie

¹Luister wat die Here vir julle sê, Israeliete!

²So sê die Here: Moenie die gewoontes van die heidennasies aanleer nie. Moenie bang wees vir die tekens aan die hemel nie, want dit is die heidennasies wat daarvoor bang is.

³Hulle voorskrif om 'n god te kry, is sinloos: hulle kap 'n boom in die bos af, 'n ambagsman kerf dit uit met 'n beitel,

⁴hy versier dit met silwer en goud, met hamer en spyker slaan hy dit vas dat dit nie omkantel nie.

⁵Sulke gode kan net so min praat as 'n voëlverskrikker in 'n komkommerland; hulle moet gedra word, want hulle kan nie loop nie. Moenie vir hulle bang wees nie, want hulle het geen mag om goed of kwaad te doen nie.

⁶Waar is iemand soos U, Here? U is groot, die mag van u Naam is groot.

⁷Wie sou U nie dien nie, Koning van die nasies? Dit kom U toe. Onder al die wyse mense, onder al die konings van die nasies, is daar niemand soos U nie.

⁸Hulle is almal gekke en dwase, want 'n stuk hout kan vir 'n mens niks leer nie.

⁹Die silwerbeslag kom uit Tarsis, die goud uit Ufas. Dit is die werk van 'n ambagsman en 'n goudsmid, die afgode is geklee in pers en rooi wolstof, alles die werk van kunstenaars.

¹⁰Maar die Here is die ware God: Hy is die lewende God, die Koning vir altyd; van sy toorn bewee die aarde, teen sy woede kan die nasies dit nie uithou nie.

¹¹So moet julle vir hulle sê: “Die gode wat nie die hemel en die aarde gemaak het nie, sal van die aarde af verdwyn onder die hemel uit.”

¹²Dit is die Here wat met sy krag die aarde gemaak het, wat met sy wysheid die wêreld gevestig het en met insig die hemel oopgesprei het.

¹³Wanneer Hy sy stem laat hoor, druis die water in die hemel; Hy laat die mis opstyg van die eindes van die aarde af, Hy laat die weerlig slaan wanneer dit reën, Hy laat die wind uit sy voorraadskure uitkom.

¹⁴Dan sien elke mens hoe dom, hoe sonder kennis, hy is; dan staan elke goudsmid verleë met sy afgodsbeeld, want sy beeld is bedrog, daar is geen lewe in nie.

¹⁵Hulle is niks werd gode, voorwerpe van spot, hulle vergaan as die tyd van afrekening kom.

¹⁶Die God van Jakob is nie soos hulle nie, Hy is die Skepper van alles en almal. Israel is die volk wat aan Hom behoort. Die Here die Almagtige is sy Naam.

Ek gaan die inwoners uit die land uit verdryf

¹⁷Jy wat beleër word, hou jou besittings gereed,

¹⁸want, so sê die Here, Ek gaan die inwoners dié keer uit die land uit verdryf. Die nood wat Ek oor hulle gaan bring, sal niemand vryspring nie.

¹⁹Dan sal elkeen roep: “Groot is my ellende, pynlik my wonde! Ek kan net sê: Dit is my lyding, dit sal ek moet dra.”

²⁰My tent is verwoes, sy toue afgeruk; my seuns het my verlaat, hulle is nie meer daar nie, daar is niemand om my tent weer op te slaan, om my tentseile te span nie.

²¹Die herders het dwaas geword, hulle het nie na die wil van die Here gevra nie; daarom was hulle nie voorspoedig nie en is hulle hele kudde verstrooi.

²²Hoor! Daar kom 'n boodskapper, en 'n groot gedruis uit 'n land in die noorde! Hulle gaan die stede van Juda puinhoop maak, lêplekke van jakkalse.

Straf ons, maar nie in toorn nie

²³Ek weet, Here, die mens kan nie self sy pad kies nie, niemand kan self sy koers bepaal nie.

²⁴Here, straf ons soos ons verdien, maar nie in toorn nie, dat U ons nie tot niet maak nie.

²⁵Wees toornig op die nasies deur wie U nie erken word nie, oor die volke deur wie U nie aangeroep word nie, want hulle het vir Jakob verteer, hulle het hom verteer en vernietig en sy blyplek verwoes.

Jeremia 11

Israel en Juda het die verbond verbreek

¹Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het:

²Luister na die bepalings van hierdie verbond en sê dit vir die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem.

³Sê vir hulle: So sê die Here, die God van Israel: Vervloek is elkeen wat ongehoorsaam is aan die bepalings van hierdie verbond

⁴wat Ek julle voorvaders beveel het toe Ek hulle uit Egipte, uit die ystersmeltoond, bevry het. Ek het gesê: Luister na My en doen alles wat Ek julle beveel, dan sal julle my volk wees en Ek sal julle God wees.

⁵Só sal Ek die belofte bevestig wat Ek met 'n eed aan julle voorvaders gemaak het, dat Ek aan hulle 'n land sal gee wat oorloop van melk en heuning soos julle dit vandag het. Ek het geantwoord: “Amen, Here.”

⁶Die Here sê toe vir my: Roep al hierdie woorde uit in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem: Luister na die bepalings van hierdie verbond en kom hulle na!

⁷Ek het julle voorvaders voortdurend vermaan, vandat Ek hulle uit Egipte gebring het tot nou toe. Ek het hulle voortdurend vermaan en gesê: Luister na My!

⁸Maar hulle het nie geluister nie, nie daarop ag geslaan nie; elkeen het koppig bly volhard in sy sonde. Daarom het Ek al die strawwe wat bepaal is in hierdie verbond, oor hulle gebring, die verbond wat Ek hulle beveel het om na te kom, maar wat hulle nie nagekom het nie.

⁹Die Here het vir my gesê: Die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem het teen My saamgesweer:

¹⁰hulle is weer terug by die eerste sondes van hulle voorvaders; hulle weier om na my woorde te luister, hulle loop agter ander gode aan en dien hulle; Israel en Juda het die verbond verbreek wat Ek met hulle voorvaders gemaak het.

¹¹Omdat dit so is, sê die Here, bring Ek 'n ramp oor hulle waaraan hulle nie sal kan ontkom nie. Hulle sal na My om hulp roep, maar Ek sal nie na hulle luister nie.

¹²Dan sal die inwoners van die stede van Juda en die inwoners van Jerusalem om hulp gaan roep na die gode vir wie hulle offers gebring het, maar die gode sal hulle nie red wanneer die ramp oor hulle kom nie.

¹³Jy het soveel gode gehad as wat jy stede het, Juda, en om te offer aan die skandegod, aan Baäl, het julle soveel altare opgerig as wat daar strate in Jerusalem was.

¹⁴En jy, Jeremia, moenie vir hierdie volk bid nie, moenie vir hulle pleit of bid nie, want as jy My aanroep wanneer die ramp hulle tref, sal Ek nie luister nie.

¹⁵Waarom wil die volk wat Ek liefhet, sy sondige planne in my tempel uitvoer? Kan baie mense en offervleis die ramp van jou afweer dat jy kan jubel?

¹⁶'n Groen olyfboom met mooi gevormde vrugte, so het die Here jou genoem. Maar as die hordes met 'n gedruis aankom, sal hulle jou blare aan die brand steek en jou takke kaal stroop.

¹⁷Die Here die Almagtige wat jou geplant het, het bepaal dat die ramp oor jou kom. Dit gebeur oor die kwaad wat die mense van Israel en Juda hulleself aangedoen het toe hulle My gekrenk het met hulle offerandes aan Baäl.

Jeremia stel sy saak vir die Here

¹⁸Dit is die Here wat my dit te kenne gegee het, daarom weet ek dit; U het my laat sien wat hulle doen.

¹⁹Ek was soos 'n mak lam wat weggelei word om geslag te word. Ek het nie besef dat hulle teen my saamsweer nie. Hulle het gesê: “Laat ons die boom met die sap in hom vernietig en hom uitroei uit die land van die lewendes, sodat niemand meer aan hom dink nie.”

²⁰Here, Almagtige, regverdige Regter, wat hart en verstand toets, laat my sien hoe U op hulle wraak neem, want ek het my saak aan U toevertrou.

²¹Daarom, so sê die Here oor die mense van Anatot wat jou lewe seek en sê: “Jy mag nie in die Naam van die Here as profeet optree nie, want dan sal ons jou doodmaak,”

²²so sê die Here die Almagtige: Ek sal hulle straf. Hulle jongmanne sal sterf deur oorlog, hulle seuns en hulle dogters sal sterf van hongers.

²³Nie een van hulle sal oorbly nie, want Ek sal 'n ramp oor hulle bring wanneer Ek hulle straf.

Jeremia 12

¹Ek sal my saak vir U stel, want U is regverdig, Here. Ek sal punt vir punt my saak voor U lê: Waarom is die goddelose mense voorspoedig en het die ontrou mense geen sorge nie?

²U het hulle geplant; hulle het wortel geskiet, gegroei, ook vrugte gedra. Hulle neem u Naam graag op hulle lippe, maar U is nie in hulle hart nie.

³U ken my, Here, U sien my en toets my gesindheid teenoor U. Bring hulle om die lewe soos skape by die slagplek, sonder hulle af vir die slagting wat kom.

⁴Hoe lank moet die land droog lê, moet al die plante van die veld verdor? Die diere en die voëls vergaan oor die boosheid van die inwoners van die land wat sê: “Jeremia sal nie langer leef as ons nie.”

Die Here antwoord Jeremia

⁵As voetsoldate jou moeg hardloop, hoe sal jy teen perde kan hardloop? En as jy net in 'n vreedsame land veilig voel, hoe sal jy maak in die digte bos aan die Jordaans?

⁶Jou broers en jou familie, selfs hulle het jou verrai, hulle het ander teen jou gewaarsku. Moet hulle nie vertrou as hulle vriendelik met jou praat nie.

⁷Ek het my volk verlaat, hulle wat aan My behoort, prysgegee, die volk wat Ek liefhet, oorgegee in die mag van sy vyande.

⁸My eie volk het soos 'n leeu in die bos teenoor My geword, hulle het vir My gebrul, daarom het Ek 'n afkeer van hulle gekry.

⁹My eie volk is soos 'n hiëna teenoor My, met 'n klomp roofvoëls rondom; gaan maak al die roofdiere bymekaar, laat hulle kom vreet!

¹⁰Die baie regeerders het my wingerd verniel, my lande vertrap, my pragtige land 'n verlate woestyn gemaak,

¹¹dit 'n woestyn gemaak wat treur, wat verlate voor My lê. Die hele land lê verlate, maar niemand steur hom daaraan nie.

¹²Oor al die heuwels in die woestyn kom rowers. Die swaard van die Here verteer van die een kant van die land tot by die ander. Geen mens of dier word met rus gelaat nie.

¹³My volk het koring gesaai maar dorings geoes, hulle moeite was tevergeefs. Hulle staan verslae, sonder oes, want die gloeiende toorn van die Here het hulle getref.

¹⁴So sê Ek, die Here, oor al die slegte buurvolke wat hulle vergryp het aan die eiendom wat Ek aan my volk Israel gegee het: Ek sal hulle uitruk uit hulle grondgebied, maar Ek sal die Judeërs tussen hulle uitruk,

¹⁵en nadat Ek die Judeërs uitgeruk het, sal Ek My weer oor hulle ontferm, en Ek sal elkeen laat terugkom na sy besittings en sy land toe.

¹⁶En as die buurvolke die gebruik van my volk aanleer om in my Naam 'n eed af te lê met die woorde: “So seker as die Here leef! ” net soos hulle my volk geleer het om in die naam van Baäl 'n eed af te lê, sal hulle 'n plek kry onder my volk.

¹⁷Maar as hulle nie luister nie, sal Ek so 'n volk heeltemal uitruk en vernietig, sê die Here.

Jeremia 13

Die linnegordel as beeld van Juda

¹So het die Here vir my gesê: Gaan koop vir jou 'n linnegordel en maak dit om jou lyf vas. Jy moet dit nie laat nat word nie.

²Ek het die gordel gekoop soos die Here gesê het, en dit aangesit.

³Die woord van die Here kom toe weer tot my:

⁴Vat die gordel wat jy gekoop het, wat jy aanhet, en gaan na die Eufraat toe en steek dit daar weg in 'n klipskeur.

⁵Ek het gegaan en dit by die Eufraat weggesteek soos die Here my beveel het.

⁶Na 'n lang ruk het die Here vir my gesê: Gaan nou na die Eufraat toe en gaan haal die gordel wat Ek jou beveel het om daar weg te steek.

⁷Ek het toe na die Eufraat toe gegaan, daar gegrawe en die gordel uitgehaal uit die plek waar ek hom weggesteek het. Maar die gordel het begin vergaan en was nutteloos.

⁸Toe kom die woord van die Here tot my.

⁹So het die Here gesê: So sal Ek die groot hoogmoed van Juda en Jerusalem laat vergaan.

¹⁰Hierdie slegte volk wat weier om na my woord te luister, wat hulle eie harde koppe volg en agter ander gode aanloop en hulle dien en vereer, sal net so nutteloos word soos hierdie gordel.

¹¹Soos 'n gordel stewig vas is om die lyf van 'n man, so het Ek al die mense van Israel en Juda aan My vasgemaak, sê die Here. Hulle moes my volk wees, hulle moes lewe tot my roem en eer en 'n sieraad vir My wees, maar hulle het nie geluister nie.

Almal sal verpletter word

¹²Sê vir hulle dit: So sê die Here die God van Israel: Elke kan moet vol wyn gemaak word. Dan sal hulle vir jou sê: “Weet ons dan nie dat elke kan vol wyn gemaak moet word nie?”

¹³Dan moet jy vir hulle sê: So sê die Here: Ek gaan al die inwoners van hierdie land dronk maak, ook die konings wat op die troon van Dawid sit en die priesters en die profete, ja, al die inwoners van Jerusalem.

¹⁴Ek sal hulle teen mekaar verpletter, vaders en kinders saam, sê die Here. Ek sal niemand spaar of verskoon nie, sonder ontferming sal Ek hulle uitroei.

Die Here sal dit stikdonker laat word

- ¹⁵Luister, gee aandag! Moenie so hoogmoedig wees nie: die Here het gepraat!
- ¹⁶Eer die Here julle God voordat dit donker word, voordat julle julle in die skemer vasloop teen die berge. Julle sal wag op lig, maar Hy sal duisternis bring, Hy sal dit stikdonker laat word.
- ¹⁷Maar as julle nie luister nie, sal Ek in stilte huil oor julle hoogmoed, Ek sal huil en huil, tranes stort omdat my kudde as ballinge weggevoer word.

Dit is jou lot

- ¹⁸Sê vir die koning en vir die koninginmoeder: Klim van die troon af, want julle sal nie meer julle sierlike krone dra nie.
- ¹⁹Die stede in die Suidland is beleër, niemand kan hulle ontset nie; die hele Juda word in ballingskap weggevoer, hulle moet almal weg.
- ²⁰Kyk op, Jerusalem, kyk hoe kom hulle van die noorde af! Waar is die kudde wat aan jou toevertrou is, die kleinvee wat jou trots was?
- ²¹Wat sal jy sê as Ek mense oor jou aanstel wat jy geleer het, as mense wat jy as bondgenote beskou het, oor jou regeer? Sal dit nie vir jou net so pynlik wees soos vir 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring nie?
- ²²Jy vra jou af: “Waarom het dit my oorgekom?” Jy word kaal uitgetrek en verkrag oor jou baie oortredings.
- ²³Kan 'n Kussiet sy vel verander of 'n luiperd sy vlekke? Sou julle kon doen wat goed is, julle wat so gewoon is aan die kwaad?
- ²⁴Ek sal julle verstrooi soos kaf wat verbywaai in die woestynwind.
- ²⁵Dit is jou lot, jou deel wat Ek vir jou afgemeet het, sê die Here, vir jou wat My vergeet het, wat op leuens vertrou het.
- ²⁶Ook Ek sal jou kaal uittrek, sodat jou skandelijke naaktheid bekend word,
- ²⁷jou owerspel, jou wellus, jou skandelijke hoerery. Op die heuwels, in die oop veld het Ek jou afskuwelike dade gesien. Ellende wag vir jou, Jerusalem, as jy jou nie reinig nie! Hoe lank gaan dit nog so bly?

Jeremia 14

Droogte, oorlog, hongersnood en pes

- ¹Die woord van die Here het tot Jeremia gekom oor die groot droogte:
- ²Juda verdor, sy stede versmag, sy mense sit in rouklere op die grond, die hulpgeroep van Jerusalem weerklink.
- ³Die vername mense stuur hulle slawe om water te gaan haal. Dié kom by die putte, maar kry geen water nie; hulle bring hulle kruike leeg terug. Hulle is verslae en verleë, hulle koppe hang.
- ⁴In die hele land het daar geen reën geval nie. Omdat die grond niks oplewer nie, is die boere moedeloos, hulle koppe hang.
- ⁵Die takbok lam in die veld en gooi haar lam weg omdat daar nie gras is nie.
- ⁶Wildedonkies staan op die kaal heuwels en snuif die wind net soos jakkalse; hulle oë raak dof, want daar is nie meer gras nie.
- ⁷As ons sondes teen ons getuig, Here, tree tog op ter wille van u Naam. Ons het so baie keer van U af weggedraai, ons het teen U gesondig.
- ⁸Hoop van Israel, Redder in tyd van nood, waarom sou U wees soos 'n vreemdeling in die land, soos 'n reisiger wat net 'n nag oorbly?
- ⁹Waarom sou U wees soos 'n man wat verskrik staan, soos 'n soldaat wat nie in staat is om te help nie? U is by ons, Here, ons behoort aan U, moet ons nie verlaat nie!
- ¹⁰So sê die Here vir hierdie volk: Hulle is lief om van My af weg te dwaal, hulle het hulle nie daarvan weerhou nie. Daarom is Ek, die Here, hulle nie meer goedgesind nie. Ek sal hulle nou hulle sonde toereken en rekenskap van hulle eis vir hulle oortredings.
- ¹¹Die Here het vir my gesê: Moenie by My vir hierdie volk voorspraak doen nie.

¹²Wanneer hulle vas, sal Ek nie na hulle gesmeek luister nie; as hulle brandoffers en graanoffers bring, maak dit die volk nie vir My aanvaarbaar nie, want Ek sal met oorlog, met hongersnood en met pes 'n einde aan hulle maak.

¹³Maar ek het gesê: Ag, Here my God, die profete sê dan vir hulle hulle sal geen oorlog of hongersnood beleef nie en dat U sê: Ek sal vir julle blywende voorspoed gee in hierdie land.

¹⁴Die Here het vir my gesê: Die profete gee voor dat hulle in my Naam optree, maar Ek het hulle nie gestuur of beveel nie, Ek het nie eens met hulle gepraat nie. Dit is gesigte wat nie bestaan nie, nuttelose waarsêery, dit is bedrog wat hulle versin wat hulle vir julle aanbied as woorde van profete.

¹⁵Daarom sê Ek oor die profete wat in my Naam optree sonder dat Ek hulle gestuur het, wat beweer daar sal nie oorlog of hongersnood in hierdie land kom nie: Daardie profete sal deur oorlog en hongersnood aan hulle einde kom.

¹⁶Die volk vir wie hulle as profete opgetree het, sal in die strate van Jerusalem weggegooi lê, slagoffers van hongersnood en oorlog. Niemand sal hulle, hulle vrouens, hulle seuns of hulle dogters begrawe nie. Ek sal die kwaad wat hulle gedoen het, op hulle eie koppe laat afkom.

¹⁷Sê vir hulle dit: Dag en nag, sonder ophou, vloei die trane uit my oë; my volk ly aan sy wonde, hy is swaar getref.

¹⁸Wanneer ek uitgaan na die veld toe, lê die lyke daar van dié wat met die swaard doodgemaak is; wanneer ek in die stad kom, lê daar die slagoffers van die hongersnood. Profeet en priester trek in die land rond sonder dat hulle weet wat om te sê.

¹⁹Het U Juda dan heeltemal verwerp? Walg U vir Sion? Waarom het U ons getref sonder dat iemand ons genees? Waarom wag ons dat alles regkom, maar dit gaan nie goed nie, wag ons op 'n tyd van verbetering, maar daar is net rede tot skrik?

²⁰Ons erken dat ons opstandig was, Here, ons het teen U gesondig. Ons bely ook die skuld van ons voorvaders.

²¹Ter wille van u Naam, Here, moet ons tog nie verwerp nie. Moenie dat die plek waar u magtige teenwoordigheid regeer, verag word nie. Dink aan u verbond met ons, moet dit tog nie prysgee nie!

²²Is daar onder die nikswerd gode van die nasies een wat laat reën, wat die hemel sy reën kan laat gee? Is dit nie U wat dit doen nie, Here ons God? Ons vertrou op U, want dit is U wat al hierdie dinge doen.

Jeremia 15

¹Die Here het vir my gesê: Al het Moses en Samuel self by My gepleit, sou Ek geen gevoel vir dié volk gehad het nie. Stuur hulle weg van my teenwoordigheid af, laat hulle gaan.

²En as hulle vir jou vra: “Waar moet ons dan heen?” moet jy vir hulle sê: So sê die Here: Wie vir pes bestem is, pes toe, wie vir die swaard bestem is, swaard toe, wie vir hongersnood bestem is, hongersnood toe, wie vir ballingskap bestem is, ballingskap toe.

³Ek gee oor hulle opdrag aan vier soorte goed, sê die Here: die swaard om dood te maak, honde om die lyke weg te sleep, voëls en roofdiere om hulle op te vreet en te vernietig.

⁴Ek maak dié volk iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik. Ek doen dit oor wat koning Manasse van Juda, seun van Hiskia, in Jerusalem gedoen het.

Ek het my volk met 'n gaffel uitgewan

⁵Wie sal vir jou jammer wees, Jerusalem, wie sal medelye met jou hê? Wie sal afdraai en kom vra hoe gaan dit met jou?

⁶Jy het My verwerp, sê die Here, jy het al erger geword. Daarom het Ek my hand teen jou uitgesteek en jou verwoes. Ek is moeg daarvan om jou straf te bly herroep.

⁷Ek het my volk met 'n gaffel uitgewan in die stede in die land, Ek het my volk se kinders weggevat, hom vernietig, want hy het hom nie bekeer van sy bose lewe nie.

⁸Ek het sy weduwees meer laat word as die sand van die see, Ek het op jongmanne se moeders helder oordag 'n aanrander laat toesak, Ek het skrik en angs hulle skielik laat oorval.

⁹Selfs die vrou wat sewe kinders gehad het, het ineengestort en na asem gesnak, haar son het ondergegaan toe dit nog dag was, sy was kinderloos en reddeloos. En wat daar van die volk oor is, lewer Ek aan sy vyande uit om dood te maak, sê die Here.

Jeremia: Almal vervloek my

¹⁰Ellende het my getref, Ma, toe Ma my in die wêreld gebring het. Ek is 'n man wat dwarsdeur die land mense moet beskuldig en met hulle moet twis. Ek het aan niemand iets geleen nie en by niemand geleen nie, tog vervloek almal my.

¹¹Die Here het belowe: Ek laat jou op die volk los, maar ten goede, Ek sal vir jou by jou vyande voorspraak doen in tyd van nood en rampe.

¹²Kan 'n mens yster breek, yster uit die noorde, of brons?

Ek laat ander jou rykdom vat, Israel

¹³Ek laat ander jou rykdom, jou skatte vat, Israel, nie omdat Ek iets in ruil daarvoor kry nie maar omdat jy dwarsoor jou land gesondig het.

¹⁴Ek sal jou deur jou vyande laat wegvoer na 'n land toe wat jy nie ken nie. In my toorn sal daar 'n vuur losbreek, en dit sal jou brand.

Jeremia: Ek kan nie meer op U reken nie

¹⁵U weet alles, Here: dink aan my, neem my onder u sorg, straf my vervolgers oor wat hulle aan my doen. Moet tog nie u toorn laat voortduur en my laat sterf nie; neem tog in ag dat dit oor U is dat ek beledig word.

¹⁶Ek het u woorde verslind toe hulle gekom het, hulle was vir my 'n vreugde; ek was bly daaroor dat u Naam oor my uitgeroep is, Here, almagtige God.

¹⁷Ek kon nie sit waar daar gesels en gelag word en dit saam geniet nie; U het my in besit geneem en ek moes alleen sit, vol van die verontwaardiging wat van U af kom.

¹⁸Waarom is daar nie 'n einde aan my pyn nie, waarom is my wond ongeneeslik en wil dit nie gesond word nie? Ek kan nie op U reken nie, net so min as op 'n stroom wat nie standhoudend is nie.

Ek sal jou help en jou red

¹⁹Die Here het toe gesê: As jy jou woorde terugneem, sal Ek jou weer in my diens neem. As wat jy sê, waarde sal hê en nie onsin sal wees nie, sal jy weer namens My kan praat. Die mense moet jôú volg, nie jy vir hulle nie.

²⁰Ek maak jou vir hierdie volk 'n bronsmuur waardeur hulle nie kan dring nie; hulle sal teen jou veg, maar hulle sal jou nie oorweldig nie, want Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou help en jou red.

²¹Ek sal jou red uit die mag van slegte mense, jou bevry van dié wat op geweld uit is.

Jeremia 16

Ek het geen medelye meer met julle nie

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²Moenie trou en kinders hê in dié plek nie,

³want so sê die Here oor die kinders wat in dié plek gebore word en oor die ouers wat in dié land kinders kry:

⁴Hulle sal sterf aan verskriklike siektes; niemand sal oor hulle treur en hulle begrawe nie; hulle sal op die grond bly lê soos hope mis; of hulle sal omkom in oorlog of deur hongersnood, en hulle lyke sal deur voëls en roofdiere opgevrete word.

⁵Die Here het gesê: Jy moenie in 'n huis ingaan waar daar getreur word oor iemand wat dood is nie, jy moenie saam treur nie en moenie meegevoel betuig nie, want Ek het my vrede weggevat van dié volk af: Ek het hulle nie meer lief nie en Ek ontferm My nie meer oor hulle nie, sê die Here.

⁶Groot en klein in dié land sal sterf; niemand sal hulle begrawe en oor hulle treur nie, niemand sal homself stukkend sny of sy kop kaalskeer om sy droefheid te wys nie;

⁷niemand sal 'n stukkies brood deel met 'n bedroefde om hom te troos oor iemand wat dood is nie, niemand sal vir hom iets te drinke aanbied om hom te troos nie, nie eens oor 'n vader of moeder nie.

⁸Jy mag ook nie in 'n huis ingaan waar daar feesgevier word en saam aansit en eet en drink nie,

⁹want, so sê die Here die Almagtige, die God van Israel, Ek gaan voor julle oë, in julle leeftyd, 'n end maak aan die klanke van vrolikheid en blydschap in hierdie plek, ook aan dié van huweliksfeeste.

¹⁰Wanneer jy dit alles vir hierdie volk sê, sal hulle vir jou vra: “Waarom sê die Here sal Hy al hierdie groot rampe oor ons bring? Hoe het ons teen die Here ons God oortree, wat het ons teen Hom gesondig? ”

¹¹Dan moet jy vir hulle sê: Julle voorvaders het My al verlaat, sê die Here. Hulle het agter ander gode aangeloop en dié gedien en geëer. Julle voorvaders het My verlaat en my wet nie onderhou nie,

¹²en julle het erger aangegaan as hulle, julle het elkeen sy eie harde kop gevolg en nie na My geluister nie.

¹³Daarom sal Ek julle uit hierdie land uitdryf na 'n land toe waarvan julle nie weet nie en waarvan julle voorvaders ook nie geweet het nie. Daar sal julle dag en nag ander gode dien. Ek het geen medelye meer met julle nie.

Ek sal hulle terugbring na die land toe

¹⁴Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat daar nie meer gesê sal word: “So seker as die Here leef wat vir Israel uit Egipte laat trek het” nie,

¹⁵maar: “So seker as die Here leef wat vir Israel uit die noordland laat trek het en uit al die lande waarheen Hy hulle verstrooi het.” Ek sal hulle terugbring na die land toe wat Ek aan hulle voorvaders gegee het.

Ek gaan hulle eers dubbel laat boet

¹⁶Ek gaan baie vissers laat kom, sê die Here, en hulle sal die Israeliete vang. Daarna gaan Ek baie jagters laat kom, en dié sal op die Israeliete jag maak op elke berg en elke heuwel, in al die klipskeure.

¹⁷Ek sien alles wat die Israeliete doen, niks is vir My verborge nie, hulle oortredings kan nie vir My weggesteek word nie.

¹⁸Ek gaan hulle eers dubbel laat boet vir hulle oortredings en hulle sonde, want hulle het my land met hulle afstootlike dooie gode ontwy, hulle het my eie land volgemaak met hulle afskuwelike afgode.

Na U toe sal die nasies kom

¹⁹Here, my Sterkte, my Beskermer, my Toevlug in tyd van nood, na U toe sal die nasies kom van die uithoeke van die aarde af en hulle sal sê: “Ons voorvaders het net vals gode gehad, niks werd en nutteloos.”

²⁰Kan 'n mens vir hom gode maak? Dit is mos nie gode nie!

²¹Daarom sal Ek die nasies my mag en my krag laat ken; dié keer sal Ek hulle dit laat ken, en hulle sal weet dat my Naam die Here is.

Jeremia 17

Ek sal jou vir jou vyande laat werk

¹Die sonde van Juda is ingegraveer met 'n ysterpen, ingegrif met 'n diamantpunt op hulle harte en op die horings van hulle altare.

²Selfs hulle nageslag onthou nog die altare van hulle voorvaders en die gewyde pale by die groen bome en op die hoë heuwels.

³My berg in die veld, Ek laat ander jou rykdom, jou skatte vat omdat jy dwarsoor jou land hoogtes gebou en gesondig het.

⁴Jy sal deur jou eie toedoen die grond moet laat lê wat Ek jou gegee het. Ek sal jou vir jou vyande laat werk in 'n land waarvan jy nie weet nie. In my toorn sal daar 'n vuur teen julle losbreek, en dit sal aanhou brand.

Wie van U af weggaan, kom bedroë daarvan af

⁵So sê die Here: Daar rus 'n vloek op die mens wat sy vertrouwe in mense stel, wat sy krag soek by sterflike mense en van My af wegdraai;

⁶hy is soos 'n kaal bossie in droë wêreld wat nooit water kry nie; 'n bossie wat in 'n klipwoestyn staan, in 'n brak wêreld waar niemand woon nie.

⁷Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is;

⁸so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

⁹Die hart is bedriegliker as enigiets anders, hy is ongeneeslik; wie kan hom verstaan?

¹⁰Ek, die Here, deurgrond en toets hart en verstand, Ek laat die mens kry wat hy verdien, wat hom toekom vir wat hy doen.

¹¹'n Fisant wat broei op eiers wat hy nie gelê het nie, dit is die mens wat op oneerlike wyse ryk word. Hy sal sy rykdom moet agterlaat in die fleur van sy lewe, sy uiteinde is dié van 'n dwaas.

¹²'n Magtige troon, van die begin af verhewe, dit is die plek waar ons heiligdom staan!

¹³Here, Hoop van Israel, wie van U af weggaan, kom bedroë daarvan af; wie van U af wegdraai, is vir die dood opgeskryf, want hulle verlaat die Here, die bron van die lewe.

Jeremia: Maak Ú my gesond, Here

¹⁴Maak Ú my gesond, Here, dan sal ek gesond wees! Bevry Ú my, dan sal ek vry wees! Dit is vir U wat ek wil loof.

¹⁵Die mense vra vir my: “Waar is die woord van die Here? Laat dit tog kom!”

¹⁶Maar omdat ek nie wou ophou om 'n herder te wees wat in u diens staan nie, het ek nie die onheilsdag nadergewens nie. U weet wat ek gesê het, dit is aan U bekend.

¹⁷Moet tog nie vir my 'n verskrikking word nie, want U is my toevlug op die dag van rampe.

¹⁸Laat dié wat my vervolg, bedroë daarvan afkom, nie ek nie! Laat hulle vreesbevange word, nie ek nie! Bring die dag van rampe oor hulle, straf hulle met 'n dubbele straf!

Julle moet die sabbatdag heilig hou

¹⁹Die Here het vir my gesê: Gaan staan in die Volkspoort waardeur die konings van Juda in- en uitgaan, en ook in al die ander poorte van Jerusalem

²⁰en sê: Hoor die woord van die Here, konings van Juda en al die mense van Juda en al die inwoners van Jerusalem wat deur hierdie poorte gaan!

²¹So sê die Here: Pas op! Julle lewens is op die spel! Moet niks op die sabbatdag dra en deur die poorte van Jerusalem bring nie,

²²moet niks uit julle huise bring op die sabbatdag nie, moet geen werk doen nie. Hou die sabbatdag heilig soos Ek julle voorvaders beveel het.

²³Hulle was ongehoorsaam en het nie geluister nie, hulle was hardkoppig, hulle wou nie luister en hulle laat leer nie.

²⁴Maar as julle aan My gehoorsaam is, sê die Here, en niks deur die poorte van hierdie stad dra op die sabbatdag nie, die dag heilig hou en geen werk doen op dié dag nie,

²⁵sal daar altyd konings wees wat op die troon van Dawid sit en deur die poorte van die stad gaan met hulle amptenare. Die konings en hulle amptenare sal saam met die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem op strydwaens en perde ry, en dié stad sal altyd bewoon word.

²⁶Die mense sal uit die stede van Juda kom, uit die omstreke van Jerusalem, uit die gebied van Benjamin, uit die Laeveld, uit die Bergland, uit die Suidland, en hulle sal offers na die huis van die Here toe bring, brandoffers, graanoffers, wierook- en dankoffers.

²⁷Maar as julle aan My ongehoorsaam is en nie die sabbatdag heilig hou nie en op dié dag goed deur die poorte van Jerusalem dra, sal Ek die poorte aan die brand steek, en die vuur sal die mooi huise in Jerusalem verteer sonder dat iemand dit kan blus.

Jeremia 18

Soos klei in die pottebakker se hand

- ¹Die woord van die Here het tot Jeremia gekom:
- ²Gaan af na die pottebakker se huis toe, Ek sal daar met jou praat.
- ³Ek is toe af na die pottebakker se huis toe, en hy was juis besig om iets op die skyf te maak.
- ⁴Maar die ding wat hy aan die maak was uit die klei, het misluk, en hy het toe iets anders gemaak soos hy dit wou hê.
- ⁵Toe kom die woord van die Here tot my:
- ⁶Kan Ek nie met julle doen wat hierdie pottebakker met die klei gedoen het nie, Israel? vra die Here. Soos klei in die pottebakker se hand, so is julle in my hand, Israel.
- ⁷Een oomblik kondig Ek aan dat Ek 'n nasie, 'n koninkryk sal afbreek, sal uitroei, sal vernietig.
- ⁸Maar wanneer dié nasie hom bekeer van sy boosheid waaroor Ek hom wou straf, sien Ek af van die straf wat Ek oor hom wou bring,
- ⁹en die volgende oomblik kondig Ek aan dat Ek die nasie en die koninkryk sal bou en sal vestig.
- ¹⁰Maar wanneer hy doen wat verkeerd is in my oë en ongehoorsaam is aan My, sien Ek af van die goeie wat Ek aan hom wou doen.
- ¹¹Maar sê nou vir die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem: So sê die Here: Ek berei vir julle 'n ramp voor, Ek is besig om 'n besluit oor julle te neem. Elkeen moet hom van sy verkeerde lewe bekeer. Maak julle lewe en julle dade reg.
- ¹²Maar hulle sal sê: “Dit help nie. Ons wil lewe soos ons wil, elkeen wil sy eie koppige, slegte lewe lei.”
- ¹³Daarom, so sê die Here: Vra tog onder die nasies of iemand al van so iets gehoor het! Israel het 'n afstootlike ding gedoen.

¹⁴Is die kranse van die Libanon ooit sonder sneeu, droog sy koue bergstrome wat uit ver plekke kom, ooit op?

¹⁵Tog het my volk My vergeet en wierookoffers gebring vir gode wat nie bestaan nie, gode wat my volk laat struikel het op sy pad, op die pad wat hy van ouds af loop; hy het op ompaaie begin loop, op ongebaande weë.

¹⁶Hy het hierdie land iets gemaak wat mense met afgryse vervul, iets waaroor hulle altyd van verbasing sal fluit. Elkeen wat daar verbykom, sal van verbasing die kop skud.

¹⁷Soos die oostewind sal Ek my volk voor die vyand uit verdryf; die dag as die ramp hulle tref, sal Ek my rug na hulle toe draai en hulle nie raaksien nie.

Jeremia: Laat my vyande tot 'n val kom

¹⁸Van die mense het gesê: “Kom ons maak 'n plan met Jeremia. Daar sal altyd priesters wees om ons die wil van die Here te leer en wyse manne wat vir ons raad kan gee en profete by wie ons die boodskappe van die Here kan hoor. Kom ons voer 'n skinderveldtog teen hom en ons steur ons nie aan wat hy sê nie.”

¹⁹Gee tog ag op my, Here, hoor wat sê my vyande!

²⁰Goed word tog nie met kwaad vergeld nie! Maar hulle grawe 'n gat vir my om in te val. Neem tog in ag hoe ek voor U kom staan en vir hulle gepleit het dat u toorn teen hulle sal bedaar.

²¹Maar laat hulle kinders nou van honger sterf, laat daar oorlog oor hulle kom. Maak hulle vrouens kinderlose weduwees: laat die mans sterf aan die pes en laat die jongmanne in die oorlog sneuwel.

²²Laat 'n bende hulle skielik oorval, sodat die jammerkrete uit hulle huise sal weerklink. Hulle het 'n gat gegrawe om my te vang, hulle het vir my strikke gestel.

²³U, Here, ken hulle planne om my dood te bewerk; moenie hulle oortredings vergewe nie, moenie hulle sonde ongestraf laat nie, laat hulle tot 'n val kom voor U, tree teen hulle op terwyl U nog toornig is.

Jeremia 19

Soos hierdie kleipot gebreek het

¹Die Here het gesê: Gaan koop 'n kleipot en vat van die leiers van die volk en die priesters saam

²en gaan af na die Ben-Hinnomdal toe regoor die Potskerfpoort en kondig daar aan wat Ek vir jou sal sê.

³Jy moet sê: Hoor die woord van die Here, konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ek gaan oor hierdie plek 'n ramp bring wat elkeen wat daarvan hoor, se ore sal laat tuit.

⁴Julle het My verlaat en hierdie plek verontreinig deur hier vir ander gode offers te bring, gode waarvan julle, julle voorvaders en die konings van Juda nie voorheen geweet het nie. Julle het op dié plek baie onskuldige bloed vergiet,

⁵julle het vir Baäl hoogtes gebou en julle seuns as brandoffers vir Baäl verbrand, 'n ding wat Ek nie beveel het nie en nie oor gepraat het nie en wat nooit by My opgekom het nie.

⁶Daarom kom daar 'n tyd, sê die Here, dat dié plek nie meer Tofet of Ben-Hinnomdal genoem sal word nie, maar Moorddal.

⁷Op hierdie plek sal Ek 'n end maak aan die planne van Juda en Jerusalem. Ek sal hulle vyande hulle met die swaard laat afmaai, hulle oorlewer in die mag van mense deur wie hulle nie gespaar sal word nie, en Ek sal hulle lyke deur voëls en roofdiere laat opvreet.

⁸En hierdie stad maak Ek iets waaroor mense net met afgryse vervul kan word en kan fluit. Elkeen wat hier verbykom, sal van verbasing fluit oor alles wat die stad getref het.

⁹Jerusalem sal beleër word deur vyande wat nie sy inwoners sal spaar nie. Hulle posisie sal benard word: Ek sal hulle hulle eie kinders laat eet, en die mense sal mekaar eet.

¹⁰Jy moet dan die pot breek voor die oë van die mense wat met jou saam is,

¹¹en jy moet vir hulle sê: So sê die Here die Almagtige: Soos hierdie kleipot gebreek het en nie heelgemaak kan word nie, so sal Ek hierdie volk en hierdie stad breek. Hulle sal van Tofet 'n begraafplaas maak omdat daar nie ander plek sal wees nie.

¹²Dit is wat Ek aan dié plek en sy inwoners sal doen, sê die Here: Ek sal die stad soos Tofet maak.

¹³Die huise in Jerusalem en die paleise van die konings van Juda sal soos die Tofetplek onrein wees, al die huise waar daar op die dakke wierookoffers gebring is vir die son, die maan en die sterre, en waar daar drankoffers uitgegiet is vir vreemde gode.

Teen Pasgur

¹⁴Nadat Jeremia teruggekom het van Tofet af waar die Here hom as profeet laat optree het, het hy in die voorhof van die huis van die Here gaan staan en vir al die mense daar gesê:

¹⁵So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ek gaan nou oor dié stad en oor al die ander stede al die onheil laat kom wat Ek laat aankondig het, want die mense het koppig gebly en wou nie ag gee op wat Ek vir hulle gesê het nie.

Jeremia 20

¹Die priester Pasgur seun van Immer, wat hoofopsigter oor die tempel was, het gehoor hoe Jeremia as profeet dié aankondiging doen.

²Pasgur het die profeet Jeremia geslaan en hom daarna laat vasskroef in die blok wat in die boonste Benjaminpoort van die huis van die Here was.

³Toe Pasgur vir Jeremia die volgende môre uit die blok haal, het Jeremia vir hom gesê: Die Here noem jou nie meer Pasgur nie maar Angs van Alle Kante,

⁴want, so sê die Here, Ek gaan jou 'n angs maak vir jouself en vir jou vriende. Hulle sal deur hulle vyande met die swaard afgemaai word terwyl jy kyk. Die hele Juda gee Ek oor in die mag van die koning van Babel: hy sal party in ballingskap wegvoer na Babel toe en party doodmaak.

⁵Al die rykdom van hierdie stad, al sy besittings, al wat hy het wat waardevol is, en al die skatte van die konings van Juda lewer Ek uit aan hulle vyande. Hulle sal alles plunder en roof en dit na Babel toe wegvat.

⁶Jy, Pasgur, en al die mense in jou huis sal ook in ballingskap weggevoer word. Jy sal in Babel kom en daar sterf, en daar sal jy en al jou vriende vir wie jy met leuens 'n profeet wou wees, begrawe word.

Jeremia: Ek gee my saak in u hande

⁷U het my mislei, Here, en ek het my laat mislei. U was te sterk vir my, U het gewen. Ek word heeldag uitgelag, almal spot met my.

⁸Elke keer as ek my mond oopmaak, moet ek skree, moet ek roep: “Daar is geweld, daar is verdrukking!” Om die woord van die Here te moet aankondig, beteken vir my net vernedering en bespotting heeldag deur.

⁹En wanneer ek dink ek sal my aan Hom nie steur nie en nie meer in sy Naam praat nie, dan word dit in my soos 'n vuur wat brand en waarvan ek nie kan loskom nie. Ek is moeg van weerstand bied daarteen, ek kan nie meer nie.

¹⁰Ek hoor almal fluister: “Angs van alle kante! Sê dit! Kom ons sê vir die koning wat Jeremia sê!” Selfs my vriende wag dat ek tot 'n val kom! Hulle sê: “Miskien loop hy in die val, en dan kan ons hom bykom en ons op hom wreek.”

¹¹Maar U is by my, Here, en U is magtig en sterk: dit is dié wat my vervolg, wat sal val; hulle sal nie wen nie. Hulle sal teleurgestel staan, want hulle sal nie in hulle doel slaag nie. Die skande van hulle neerlaag sal nooit vergeet word nie.

¹²Here, Almagtige, u oordeel is reg, U sien raak wat diep in 'n mens is. Laat my sien hoe U my vyande straf want ek gee my saak in u hande.

¹³Sing tot eer van die Here, loof Hom! Hy red die arme uit die mag van slegte mense.

Jeremia: Vervloek is die dag waarop ek gebore is

¹⁴Vervloek is die dag waarop ek gebore is, die dag waarop my ma my in die wêreld gebring het; mag dié dag altyd sonder seën wees.

¹⁵Vervloek is die man wat vir my pa die berig gebring het: “Jy het 'n seun,” 'n berig wat hom baie bly gemaak het.

¹⁶Mag dit met daardie man gaan soos met die stede wat so genadeloos deur die Here verwoes is, mag daardie man angskrete hoor in die môre, oorlogskrete op die helder middag,

¹⁷omdat hy my nie doodgemaak het voor ek gebore is sodat my ma my graf kon gewees het en sy nooit in kraam kon kom nie.

¹⁸Waarom is ek gebore net om ellende en pyn te beleef en my lewe lank verneder te word?

Jeremia 21

Wil julle lewe of wil julle sterwe?

¹Die woord van die Here het tot Jeremia gekom toe koning Sedekia vir Pasgur seun van Malkija en die priester Sefanja seun van Maäseja na Jeremia toe gestuur het met die versoek:

²“Raadpleeg asseblief die Here namens ons, want koning Nebukadnesar van Babel val ons aan. Miskien doen die Here ook vir ons 'n wonder en laat Hy Nebukadnesar van ons af wegtrek.”

³Jeremia het vir hulle gesê: Julle moet vir Sedekia sê:

⁴So sê die Here die God van Israel: Ek gaan die wapens laat terugdraai wat daar nou in julle hande is en waarmee julle buitekant die mure teen die koning van Babel en teen die Galdeërs veg. Ek gaan dié wapens hier binne in die stad bymekaarbring

⁵en dan gaan Ek self teen julle veg met my groot mag en krag, in groot toorn, gramskap en woede.

⁶Ek gaan al wat in hierdie stad is, tref, mens en dier. Hulle sal aan die pes sterwe,

⁷en daarna, sê die Here, sal Ek koning Sedekia van Juda, sy amptenare en die mense in die stad wat pes, swaard en hongersnood vrygespring het, oorlewer

in die mag van koning Nebukadnesar van Babel, in die mag van hulle vyande, in die mag van dié wat hulle lewe seek. Die vyand sal die inwoners van Jerusalem afmaai sonder om te verskoon, sonder om jammer te kry, sonder genade.

⁸Daarna het die Here vir Jeremia gesê: Jy moet vir hierdie volk sê: So sê die Here: Ek gee julle die keuse: wil julle lewe of wil julle sterwe?

⁹Wie in hierdie stad bly, sal sterf, deur die swaard of deur hongersnood of deur pes. Wie uitgaan en na die Galdeërs toe oorloop deur wie julle beleër word, sal lewe, al sal hy net met sy lewe daarvan afkom.

¹⁰Ek het besluit om hierdie stad swaar te straf en hom nie te spaar nie, sê die Here. Die stad word oorgegee in die mag van die koning van Babel, en hy sal dit afbrand.

¹¹Vir die koningshuis van Juda moet jy sê: Hoor die woord van die Here,

¹²huis van Dawid! So sê die Here: Sorg dat daar elke dag reg geskied, red die mens wat beroof word uit die mag van die uitbouter. As julle dit nie doen nie, sal my toorn ontvlam soos 'n vuur en brand sonder dat iemand dit kan blus. Dit sal gebeur oor die sonde wat julle gedoen het.

¹³Ek is jou teenstander, Jerusalem, sê die Here, jy wat hier bokant die dal op die klipplaat lê, jy wie se inwoners sê niemand kan hulle aanval nie, niemand kan hulle skuilplekke binnedring nie.

¹⁴Ek gaan hulle straf oor wat hulle gedoen het, sê die Here, Ek gaan in die paleis 'n vuur aansteek wat alles rondom sal verbrand.

Jeremia 22

Teen die koning van Juda

¹So het die Here gesê: Gaan na die paleis van die koning van Juda toe en dra hierdie boodskap daar oor.

²Jy moet sê: Hoor die woord van die Here, koning van Juda wat op die Dawidstroon sit, u en u amptenare en u volk wat deur hierdie poorte na u toe kom.

³So sê die Here: Handhaaf die reg en wees regverdig! Red dié wat beroof word, uit die mag van die uitbouter, ook die vreemdeling, die weeskind en die weduwee. Moenie die reg vertrap nie, moenie geweld pleeg en moenie mense onskuldig om die lewe bring in hierdie plek nie.

⁴As julle stiptelik volgens my woord lewe, sal konings wat op die Dawidstroon sit, deur die poorte van hierdie paleis kom en hulle sal op waens en perde ry, hulle en hulle amptenare en hulle volk.

⁵Maar as julle nie na my woorde luister nie, bevestig Ek nou vir julle met 'n eed dat hierdie paleis 'n puinhoop sal word, sê die Here.

⁶So sê die Here oor die paleis in Juda: Jy is vir my Gilead, die Libanonkruin, maar Ek maak jou 'n woestyn, soos stede sonder inwoners.

⁷Ek wys mense aan om jou te vernietig, mense met hulle wapens. Hulle sal jou mooi sederbalke opkap en in die vuur gooi.

⁸Daar sal baie nasies by hierdie stad verbygaan en vir mekaar vra: “Waarom het die Here dit met hierdie groot stad gedoen? ”

⁹Dan sal hulle antwoord: “Omdat die mense van hierdie stad nie die verbond met die Here hulle God gehou het nie en ander gode vereer en gedien het.”

¹⁰Moenie huil oor die koning wat dood is nie, moenie oor hom rou nie. Huil, ja, huil oor hom wat in ballingskap is, want hy sal nie terugkom nie, hy sal nie weer sy geboorteland sien nie.

¹¹So sê die Here oor koning Sallum van Juda, seun van Josia, wat koning geword het in die plek van Josia, sy pa, maar wat van hierdie plek af weggegaan het: Hy sal nooit hierheen terugkom nie,

¹²want hy sal sterf in die plek waarheen hulle hom in ballingskap weggevoer het. Hy sal nooit weer hierdie land sien nie.

Teen Jojakim

¹³Ellende wag vir hom wat sy huis met onreg bou, sy bokamers met minagting van die reg, vir hom wat sy mense sonder betaling laat werk, wat hulle nie hulle geld gee nie.

¹⁴Ellende wag vir hom wat sê: “Ek wil my huis groot maak, sy bokamers moet ruim wees.” Hy breek vir hom groot vensters uit, sit vir hom panele in van sederhout en verf sy huis rooi.

¹⁵Maak dit van jou 'n koning as jy jou inspan vir meer sederhout? Jou pa het geëet en gedrink, hy het reg laat geskied en reg gedoen en dit het goed gegaan met hom.

¹⁶Hy het die saak behartig van die swakke en die arme, en dit het goed gegaan. Wie hierdie dinge doen, dien My, sê die Here.

¹⁷Maar jy is net daarop uit om jou te verryk ten koste van ander, jy kyk net waar jy mense onskuldig kan doodmaak, waar jy kan verdruk en afpers.

¹⁸Daarom, so sê die Here vir koning Jojakim van Juda, seun van Josia: Hulle sal nie oor jou treur en sê: “Ag, hoe jammer, my broer, ag, hoe jammer, my suster!” nie. Hulle sal nie oor jou treur en sê: “Ag, ons koning, ag, sy majesteit!” nie.

¹⁹Hy sal soos 'n donkie begrawe word: hy sal van hier af weggesleep word en buite die poorte van Jerusalem weggegooi word.

Teen die koninginmoeder

²⁰Gaan Libanon toe en vra hulp, roep hard by Basan, vra hulp by Abarim, want al jou helpers is vernietig.

²¹Ek het jou gewaarsku toe jy nog gerus was, maar jy het gesê: “Ek sal nie luister nie.” Van jongs af was dit jou gewoonte om nie na My te luister nie.

²²Die wind sal almal wegwaai wat vir jou sorg, jou helpers sal in ballingskap weggevoer word en jy sal self die vernederende skande moet dra vir jou slegte lewe.

²³Jy wat tussen die seders woon, wie se nes gemaak is van Libanonthout, jy sal kerm wanneer pyne jou tref, pyne soos van 'n vrou in kraam.

Teen Jojagin

²⁴So seker as Ek leef, sê die Here, al was jy, koning Jojagin van Juda, seun van Jojakim, 'n seëlring aan my regterhand, Ek sal jou uitruk.

²⁵Ek sal jou uitlewer aan dié wat jou wil doodmaak, aan dié vir wie jy bang is: in die mag van koning Nebukadnesar van Babel en in die mag van die Galdeërs.

²⁶Ek sal jou en jou ma wat jou in die wêreld gebring het, in 'n vreemde land gooi waar nie een van julle gebore is nie, en daar sal julle sterf.

²⁷Julle sal nie terugkom na die land toe waarna julle sal verlang om terug te kom nie.

²⁸Is hierdie man Jojagin 'n weggooiding, 'n gebreekte kleipot wat niemand wil hê nie? Waarom is hy en sy kinders dan weggegooi? Waarom is hulle gegooi in 'n land waarvan hulle nie tevore geweet het nie?

²⁹Land, land, land, luister na die woord van die Here!

³⁰So sê die Here: Teken by die naam van hierdie man aan: 'n man sonder troonopvolger, 'n man wat in sy lewe niks sal bereik nie, want niemand van sy nageslag sal op die Dawidstroon sit nie, hy sal nie oor Juda regeer nie.

Jeremia 23

Die regverdige koning

¹Ellende wag vir julle, herders deur wie die skape uit my kudde doodgemaak en verstrooi word, sê die Here.

²Daarom, so sê die Here die God van Israel oor die herders wat my volk moet versorg: Julle het my skape uitmekaargejaag en verstrooi, julle het hulle nie opgepas nie, en daarom gaan Ek julle straf vir al die verkeerde dade wat julle gedoen het, sê die Here.

³Maar Ek sal self dié van my kudde wat oorgebly het, gaan bymekaarmaak in al die lande waarheen Ek hulle verstrooi het. Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld toe waar hulle vrugbaar sal wees en baie sal word.

⁴Dan sal Ek herders oor hulle aanstel, en dié sal hulle versorg, en hulle sal nie meer bang of verskrik wees nie en hulle sal nie meer wegraak nie, sê die Here.

⁵Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek vir Dawid 'n regverdige spruit sal laat opskiet, 'n koning wat verstandig sal regeer. Hy sal die reg eerbiedig en regverdig regeer in sy land.

⁶In sy tyd sal Juda gered word en sal Israel veilig woon. Sy naam sal wees: Die Here regeer regverdig oor ons.

⁷Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat die mense nie meer sal sê: “So seker as die Here leef wat vir Israel uit Egipte laat trek het nie”

⁸maar hulle sal sê: “So seker as die Here leef wat die nageslag van Israel met sorg teruggebring het uit die land in die noorde en uit al die lande waarheen Hy hulle verstrooi het.” Dan sal hulle weer in hulle eie land woon.

Profeet en priester is albei godloos

⁹Ten die profete: My hart is stukkend geslaan, my hele liggaam bewe. Ek is soos 'n dronk mens, soos iemand wat deur drank oorweldig is. Ek het so geword deur die Here, deur sy heilige woorde.

¹⁰Die land het vol mense geword wat hoereer; deur die vervloeking wat op die land rus, het hy verdroog, het die weiveld verdor. Die koers wat die profete inslaan, is verkeerd, hulle misbruik hulle mag.

¹¹Profeet en priester is albei godloos, Ek tref hulle sondes selfs in my huis aan, sê die Here.

¹²Daarom sal hulle pad glibberig word, hulle sal weggelei word na donker plekke toe, daar sal hulle val. Ek sal 'n ramp oor hulle bring wanneer Ek hulle straf, sê die Here.

¹³Ek het iets afstootliks onder Samaria se profete gesien: hulle tree in Baäl se naam op as profete en verlei my volk Israel.

¹⁴Ek het iets afskuweliks onder Jerusalem se profete gesien: hulle hoereer, hulle lieg en bedrieg, hulle help dié wat verkeerd doen, met die gevolg dat niemand hom van sy verkeerde dade bekeer nie. Hulle het almal vir My soos Sodom geword, Jerusalem se inwoners het soos Gomorra geword.

¹⁵Daarom, so sê die Here die Almagtige oor die profete: Ek sal hulle galbitter kos laat eet en gifwater laat drink, want van Jerusalem se profete af het godloosheid deur die hele land versprei.

¹⁶So sê die Here die Almagtige: Julle moenie luister na wat die profete sê nie, die profete wat vir julle as profete optree. Hulle wek vals verwagtings by julle, hulle praat oor visioene wat hulle self uitdink, nie oor wat die Here sê nie.

¹⁷Hulle hou aan om vir dié wat My minag, te sê: “Die Here sê daar sal vrede vir julle wees.” Vir dié wat hardkoppig is, sê hulle: “Daar sal nie 'n ramp oor julle kom nie.”

¹⁸Wie het in die raadskamer van die Here gestaan? Wie het alles gesien? Wie het gehoor wat Hy sê? Ja, wie het na sy woord geluister, wie het dit gehoor?

¹⁹Kyk, die gramskap van die Here laat 'n stormwind waai, 'n orkaan sal op die goddeloses afkom.

²⁰Die toorn van die Here sal nie ophou voordat Hy sy plan uitgevoer het en gedoen het wat Hy besluit het nie. Daar kom 'n tyd dat julle dit alles goed sal verstaan.

²¹Ek het nie hierdie profete gestuur nie, tog het hulle met 'n boodskap rondgehardloop; Ek het nie met hulle gepraat nie, tog het hulle as profete opgetree.

²²As hulle in my raadskamer gestaan het, sou hulle my woorde aan my volk meegedeel het en my volk van hulle verkeerde koers af laat wegdraai het, van hulle sondige dae af.

²³Ek is nie 'n God wat net naby is nie, sê die Here, Ek is 'n God wat ook ver weg is.

²⁴Niemand kan in 'n geheime plek wegkruip sonder dat Ek hom sien nie, sê die Here. Ek is oral in die hemel en op die aarde, sê die Here.

²⁵Ek het gehoor wat sê die profete wat sonder opdrag in my Naam as profete optree. Hulle sê: “Ek het 'n droom gehad, ek het 'n droom gehad!”

²⁶Hoe lank sal die profete wat sonder opdrag optree, die profete wat leuens uitdink om te verkondig, nog aanhou hiermee?

²⁷Hulle dink hulle sal my volk my Naam laat vergeet met die drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle voorvaders my Naam deur die Baäl vergeet het.

²⁸Die profeet wat 'n droom gehad het, mag vertel wat hy gedroom het, maar hy wat my woord ontvang het, moet my woord eerlik oordra. 'n Mens kan nie strooi met die beste koring vergelyk nie, sê die Here.

²⁹My woord is soos vuur, sê die Here, soos 'n hamer waarmee klippe stukkend gebreek word.

³⁰Daarom, sê die Here, is Ek teen die profete wat herhaal wat ander sê en dan voorgee dat dit van My af kom.

³¹Kyk, sê die Here, Ek is teen dié profete wat hulle eie stories vertel en dan sê: “Die Here sê so.”

³²Kyk, sê die Here, Ek is teen dié profete wat drome wat nie plaasgevind het nie, as openbaring oorvertel, want hulle lei my volk op 'n dwaalspoor met hulle leuens en hulle praatjies. Ek het nie hierdie profete gestuur nie, Ek het hulle ook nie beveel om as profete op te tree nie. Hulle help my volk hoegenaamd nie, sê die Here.

³³Jeremia, wanneer die volk of 'n profeet of 'n priester vir jou vra: “Wat is die uitspraak van die Here? ” moet jy vir hulle vra: “Wat is die uitspraak? ” Die Here sê: Ek steur My nie meer aan julle nie.

³⁴Die profeet of die priester of die volk wat sê: “Die uitspraak van die Here,” moet weet Ek sal hom en sy familie straf.

³⁵Julle vra vir mekaar, elkeen vir sy volksgenoot: “Wat antwoord die Here? ” of: “Wat sê die Here? ”

³⁶Julle moenie meer verwys na die uitspraak van die Here nie, want elkeen maak sy eie woorde tot uitspraak van die Here. So verdraai julle die woorde van ons God, die Here die Almagtige, die lewende God.

³⁷Julle vra vir die profeet: “Wat antwoord die Here jou? ” of: “Wat sê die Here?”

³⁸Al sê julle ook: “Dit is die uitspraak van die Here,” sê die Here nou: Julle sê: “Hierdie woorde is 'n uitspraak van die Here,” ten spyte daarvan dat Ek julle verbied het om te sê: “'n Uitspraak van die Here.”

³⁹Daarom sal Ek julle heeltemal vergeet, Ek sal My nie meer aan julle steur nie, en ook nie aan die stad wat Ek aan julle en julle voorvaders gegee het nie. Ek wil julle nie meer sien nie.

⁴⁰Ek sal vir altyd vernedering oor julle bring, blywende skande wat nie vergeet sal word nie.

Jeremia 24

Twee mandjies vye

¹Die Here het my twee mandjies vye laat sien voor die tempel. Dit was bestem vir die tempel van die Here. Ek het die gesig gesien nadat koning Nebukadnesar van Babel vir koning Jojagin van Juda, seun van Jojakim, saam met die amptenare van Juda en die ambagsmanne en die bouers uit Jerusalem uit in ballingskap weggevoer het en hulle in Babel gebring het.

²Die een mandjie was vol goeie vye, so lekker soos voorvye. Die ander mandjie was vol slegte vye, so sleg dat 'n mens dit nie kon eet nie.

³Toe vra die Here vir my: Wat sien jy, Jeremia? en ek antwoord: “Vye. Die goeies is baie goed en die slegtes baie sleg, hulle is so sleg dat 'n mens hulle nie kan eet nie.”

⁴Die woord van die Here het tot my gekom:

⁵So sê die Here die God van Israel: Ek beskou die ballinge van Juda wat Ek vir hulle beswil uit hierdie plek uit na Galdeërland toe gestuur het, as net so goed as hierdie goeie vye.

⁶Vir hulle beswil sal Ek my oog oor hulle hou en Ek sal hulle na hierdie land toe terugbring. Ek sal hulle opbou, nie afbreek nie, Ek sal hulle plant, nie uitruk nie.

⁷Ek sal hulle die insig gee om My te ken. Ek is die Here! Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees, want hulle sal heelhartig na My toe terugkom.

⁸Maar, so sê die Here, Ek sal koning Sedekia van Juda en sy amptenare en dié mense van Jerusalem wat oorgebly het, dié wat in hierdie land agterbly en dié wat in Egipte wil gaan woon, maak soos die slegte vye wat so sleg is dat 'n mens hulle nie kan eet nie.

⁹Ek sal vir Sedekia-hulle maak tot iets slegs, iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik; in al die plekke waarheen Ek hulle sal verstrooi, sal hulle naam gebruik word wanneer mense ander wil verneder, wil spot, wil verkleineer of wil vervloek.

¹⁰Ek sal oorlog, hongersnood en pes onder hulle loslaat totdat hulle uitgeroei is uit die land wat Ek aan hulle en hulle voorvaders gegee het.

Jeremia 25

Sewentig jaar in ballingskap

¹In die vierde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, dit was die eerste regeringsjaar van koning Nebukadnesar van Babel, het daar 'n woord tot Jeremia gekom teen die hele volk Juda.

²Die profeet Jeremia het toe vir die hele volk Juda en vir al die inwoners van Jerusalem gesê:

³Van die dertiende jaar van koning Josia van Juda, seun van Amon, af tot nou toe, drie en twintig jaar lank, het die woord van die Here tot my gekom. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie.

⁴Die Here het vroeg en laat sy dienaars die profete na julle toe gestuur, maar julle het nie geluister nie, julle het nie eers probeer luister nie.

⁵Hy het gesê: Julle moet julle bekeer van julle slegte lewe en van julle verkeerde dade. Dan sal julle bly woon in die land wat die Here lank gelede al vir altyd aan julle en julle voorvaders gegee het.

⁶Julle mag nie ander gode aanhang, dien en vereer nie. Julle mag My nie tart met die afgodsbeelde wat julle gemaak het nie, want dan sal Ek rampe oor julle bring.

⁷Maar julle het nie na My geluister nie, sê die Here. Julle het My bly tart met die afgodsbeelde wat julle gemaak het, en so het julle 'n ramp oor julleself gebring.

⁸So sê die Here die Almagtige: Omdat julle nie geluister het na wat Ek gesê het nie,

⁹vat Ek al die volke van die noorde, sê die Here, en Ek stuur hulle en my dienaar koning Nebukadnesar van Babel en Ek laat hulle optrek teen hierdie land en sy inwoners en teen al die nasies van die omgewing. Ek sal hulle uitroei en Ek sal hulle name vir altyd laat gebruik wanneer mense ander wil bang maak, wil skrikmaak of wil vervloek. Hulle lande sal vir altyd puinhoop wees.

¹⁰Ek sal blydschap en vreugde van hulle af wegvat: die huweliksfeeste, die klank van die maalklippe en die lig van die lampe.

¹¹Hierdie land sal 'n verlate puinhoop word en al hierdie nasies sal sewentig jaar lank die koning van Babel se onderdane wees.

¹²Maar wanneer die sewentig jaar om is, sal Ek die koning van Babel en daardie nasie in Galdeërland straf vir al hulle sondes, sê die Here. Ek sal hulle land vir altyd verwoes laat lê.

¹³Dan sal Ek alles wat Ek teen daardie land gesê het, alles wat in hierdie boek opgeteken staan en wat Jeremia as profeet teen daardie nasies aangekondig het, oor daardie land bring.

¹⁴Daardie nasies sal die onderdane word van baie nasies en van sterk konings. Ek sal hulle straf ooreenkomstig hulle dade en ooreenkomstig die afgodsbeelde wat hulle gemaak het.

Die oordeelsbeker

¹⁵So het die Here die God van Israel vir my gesê: Vat hierdie beker uit my hand. Dit is gevul met die wyn van my toorn. Jy moet al die nasies na wie toe Ek jou stuur, daaruit laat drink.

¹⁶Wanneer hulle dit drink, sal hulle waggel en slinger: dit is oorlog wat Ek onder hulle loslaat.

¹⁷Ek het die beker uit die hand van die Here gevat en al die nasies na wie toe Hy my gestuur het, laat drink

¹⁸om hulle te verwoes en om hulle name dan te laat gebruik wanneer mense ander wil bang maak, wil skrikmaak of wil vervloek: Jerusalem, die stede van Juda, sy konings en sy amptenare;

¹⁹die farao van Egipte, sy onderdane, sy amptenare, sy volk

²⁰en die gemengde bevolking in Egipte; al die konings van Us, al dié van die Filistynse stede Askelon, Gasa, Ekron en wat van Asdod oorgebly het;

²¹Edom, Moab en die Ammoniete,

²²al die konings van Tirus, Sidon, die kusstreke oorkant die see;

²³Dedan, Tema, Bus, almal wat hulle koppe aan die kante kaal skeer;

²⁴al die konings van Arabië en dié van die gemengde bevolking wat in die woestyn woon;

²⁵al die konings van Simri, Elam en Medië,

²⁶al die konings van die noorde, dié wat naby is en dié wat ver is, een na die ander, al die koninkryke wat oor die hele aarde versprei is. Heel laaste moet die koning van Sesak die beker drink.

²⁷Jy moet vir hulle sê: So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Drink en word dronk en braak en val! Julle sal nie opstaan nie. Dit sal gebeur deur die oorlog wat Ek onder julle sal loslaat.

²⁸Wanneer hulle weier om die beker uit jou hand te vat om te drink, moet jy vir hulle sê: So sê die Here die Almagtige: Drink sal julle drink!

²⁹Kyk, Ek begin 'n ramp bring oor die stad waaroor my Naam uitgeroep is, en wil julle los uitstap, sonder om gestraf te word? Nee, Ek het die oorlog teen al die bewoners van die aarde ingeroep, sê die Here die Almagtige.

³⁰Jy moet as profeet optree teen hulle en dit alles vir hulle sê: Die Here brul in die hoogte, Hy laat sy stem hoor in sy heilige woonplek, Hy brul hard teen sy weiveld, Hy roep van vreugde soos dié wat druiwe trap, Hy sing 'n klaaglied oor al die bewoners van die land.

³¹Die klank sal trek tot in die uithoeke van die aarde, want die Here kla die nasies aan, Hy sal al die mense straf, die goddeloses aan die oorlog uitlewer, sê die Here.

³²So sê die Here die Almagtige: Daar trek 'n ramp van nasie tot nasie, 'n groot storm steek op van die uithoeke van die aarde af.

³³Daardie dag sal dié wat deur die Here verslaan is, van die een uithoek van die aarde af tot in die ander uithoek lê. Niemand sal oor hulle treur nie, hulle sal nie bymeekaargemaak en begrawe word nie. Hulle sal soos mis op die grond bly lê.

³⁴Huil, herders, roep om hulp, rol in die stof, leiers van die kudde! Die dag het gekom dat julle geslag word. Julle sal tot 'n val kom. Ek sal julle stukkend slaan al is julle soos kosbare erdewerk.

³⁵Daar sal nie vir die herders 'n plek wees waarheen hulle kan vlug nie, die leiers van die kudde sal nie kan ontsnap nie.

³⁶Luister hoe skreeu die herders, hoe huil die leiers van die kudde, want die Here vernietig hulle weiveld.

³⁷Die weivelde waar daar vrede was, word uitgewis deur die gloeiende toorn van die Here.

³⁸Die herder sal sy hut verlaat soos die leeu van sy lêplek af padgee. Hulle land sal verlate wees. Die toorn wat alles platvee, die gloeiende toorn van die Here sal dit alles doen.

Jeremia 26

Jerusalem sal soos Silo verwoes word

¹Kort nadat Jojakim seun van Josia koning van Juda geword het, het hierdie woord van die Here gekom:

²So sê die Here: Gaan staan in die voorhof van die huis van die Here en praat met al die mense wat uit al die stede van Juda kom om in die huis van die Here te aanbid. Jy moet alles wat Ek jou beveel, vir hulle sê. Jy mag nie 'n enkele woord weglaat nie.

³Miskien sal hulle luister en hulle van hulle verkeerde lewe bekeer. Dan sal Ek die straf herroep wat Ek oor hulle wou bring oor hulle sondige dade.

⁴Jy moet vir hulle sê: So sê die Here: Julle moet na My luister en my wil doen wat Ek aan julle bekend gemaak het.

⁵Julle moet luister na wat my dienaars die profete sê, my profete wat Ek vroeg en laat na julle toe gestuur het sonder dat julle na hulle geluister het.

⁶As julle dit nie doen nie, sal Ek hierdie huis soos Silo maak en Ek sal hierdie stad maak tot iets waarmee al die volke van die wêreld ander vervloek.

⁷Die priesters, die profete en die hele volk het Jeremia hierdie dinge hoor sê in die huis van die Here.

⁸Toe Jeremia klaar vir die volk alles gesê het wat die Here hom beveel het om vir hulle te sê, het die priesters en die profete en die hele volk hom gepak en gesê: “Jy moet beslis sterf!

⁹Waarom tree jy in die Naam van die Here op as profeet en sê dan dat hierdie huis soos Silo sal word en dat hierdie stad verwoes sal word en sonder inwoners sal wees? ” Die hele volk het in die huis van die Here om Jeremia saamgedrom.

¹⁰Toe die amptenare van Juda al hierdie dinge verneem, is hulle van die paleis af na die tempel toe. Hulle het by die nuwe poort van die tempel gaan sit,

¹¹en die priesters en die profete het vir hulle en vir die hele volk gesê: “Hierdie man moet die doodvonniss kry, want hy het as profeet hierdie dinge teen die stad gesê. Julle het dit self gehoor.”

¹²Toe antwoord Jeremia al die amptenare en die hele volk: “Die Here het my gestuur om as profeet op te tree teen hierdie huis en teen hierdie stad en om alles te sê wat julle gehoor het.

¹³Maar as julle nou goed doen en julle gedrag en optrede verander en luister na wat die Here julle God vir julle sê, sal Hy die straf herroep wat Hy oor julle aangekondig het.

¹⁴Ek is in julle mag. Maak met my wat goed en reg is in julle oë.

¹⁵Onthou net: As julle my doodmaak, sal julle die straf vir onskuldige bloedvergieting oor julle en oor hierdie stad en sy inwoners bring, want dit is so dat die Here my teen julle gestuur het om al hierdie dinge te sê sodat julle almal dit kan hoor.”

¹⁶Toe sê die amptenare en die hele volk vir die priesters en die profete: “Hierdie man mag nie die doodvonnis kry nie, want hy het met ons gepraat in die Naam van die Here ons God.”

¹⁷Daar het ook van die leiers van die land gekom en vir die hele volksvergadering gesê:

¹⁸“Miga van Moreset het in die dae van koning Hiskia van Juda as profeet opgetree en vir die hele volk van Juda gesê: So sê die Here die Almagtige: “Sion sal soos 'n land geploeg word, Jerusalem sal 'n puinhoop word, die tempelberg 'n hoogte vol bossies.

¹⁹“Het koning Hiskia van Juda en die hele Juda toe vir Miga doodgemaak? Het Hiskia nie die Here gedien en om genade gesmeek nie? Het die Here nie die straf herroep wat Hy oor hulle aangekondig het nie? Ons is besig om 'n groot ramp oor ons te bring.”

²⁰Daar was nog iemand wat in die Naam van die Here as profeet opgetree het, Urija seun van Semaja uit Kirjat-Jearim. Hy het as profeet opgetree teen hierdie stad en teen hierdie land en dieselfde dinge as Jeremia gesê.

²¹Toe koning Jojakim en al sy soldate en al sy amptenare hoor wat Urija sê, wou die koning hom doodmaak, maar Urija het dit te hore gekom en bang geword en Egipte toe gevlug.

²²Koning Jojakim het toe vir Elnatan seun van Akbor en die manskappe by hom na Egipte toe gestuur,

²³en hulle het vir Urija in Egipte gaan haal en na koning Jojakim toe gebring. Hy het toe vir Urija met 'n swaard om die lewe gebring en sy lyk in die plek gegooi waar die gewone mense begrawe is.

²⁴Agikam seun van Safan was aan Jeremia se kant, met die gevolg dat hy nie aan die volk uitgelewer is sodat hulle hom kon doodmaak nie.

Jeremia 27

Dien die koning van Babel

¹Kort nadat Sedekia seun van Josia koning van Juda geword het, het hierdie woord van die Here tot Jeremia gekom:

²So het die Here vir my gesê: Maak vir jou jukke met skeie en stroppe en sit een daarvan op jou nek.

³Die ander moet jy na die konings van Edom, Moab, Ammon, Tirus en Sidon toe stuur met die boodskappers wat na koning Sedekia van Juda in Jerusalem gekom het.

⁴Beveel die boodskappers om vir hulle konings te sê: So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Julle moet vir julle konings sê:

⁵Deur my groot krag en met my magtige daade het Ek die aarde, die mense en die diere wat op die aarde is, gemaak en Ek gee dit aan wie Ek wil.

⁶Ek gee al hierdie lande nou in die mag van my dienaar koning Nebukadnesar van Babel. Ek gee ook al die wilde diere aan hom vir sy gebruik.

⁷Al die nasies sal hom dien, hom en sy seun en sy kleinseun, totdat ook die dag vir sy land sal kom, en dan sal baie nasies en sterk konings hom onderwerp.

⁸Die nasie of koninkryk wat nie vir koning Nebukadnesar van Babel wil dien en onder die juk van Babel se koning wil buig nie, sal Ek met oorlog en met hongersnood en met pes straf, sê die Here. Ek sal hulle uitroei deur Nebukadnesar.

⁹Julle moenie luister na julle profete, julle besweerders, julle droomuitlêers, julle towenaars, julle goëlaars wat vir julle sê om nie die koning van Babel te dien nie.

¹⁰Dit is vals profete wat vir julle optree, en daardeur sal julle ver weggevat word uit julle land uit. Ek sal julle verban en julle sal omkom.

¹¹Maar die nasie wat onder die juk van Babel se koning buig en hom dien, sal Ek in sy vaderland laat bly, sê die Here, en hy sal sy land bewerk en daar woon.

¹²Ek het dieselfde opdrag gegee aan koning Sedekia van Juda. Ek het gesê: Buig onder die juk van Babel se koning en dien hom en sy volk en bly so aan die lewe.

¹³Waarom wil jy en jou volk sterf deur die oorlog en die hongersnood en die pes waarmee Ek, die Here, elke nasie wat nie die koning van Babel wil dien nie, gedreig het?

¹⁴Moenie luister na die profete wat vir julle sê julle moenie die koning van Babel dien nie. Dit is vals profete wat vir julle optree.

¹⁵Ek het hulle nie gestuur nie, sê die Here. Hulle tree in my Naam op as profete, maar hulle bedrieg julle, en daarom sal Ek julle verban en sal julle omkom, julle en julle profete.

¹⁶Toe het ek, Jeremia, vir die priesters en hierdie hele volk gesê: So sê die Here: Moenie luister na julle profete nie. Hulle sê vir julle: “Die voorwerpe uit die huis van die Here sal baie gou teruggebring word uit Babel.” Daardie profete lieg vir julle.

¹⁷Moenie na hulle luister nie. Dien die koning van Babel, en bly lewe. Waarom moet hierdie stad verwoes word?

¹⁸As hulle werklik profete is en as die woord van die Here by hulle is, laat hulle dan by die Here die Almagtige pleit dat die voorwerpe wat nog in die huis van die Here is en dié in die koning van Juda se paleis en dié in Jerusalem, nie na Babel toe gevat word nie.

¹⁹So sê die Here die Almagtige van die pilare en die waterbak en die staanders, van al die ander voorwerpe wat nog oor is in hierdie stad,

²⁰van alles wat koning Nebukadnesar van Babel nie saam met koning Jojagin van Juda, seun van Jojakim, en al die vername mense uit Juda en Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het nie:

²¹⁻²²dit sal na Babel toe gevat word en dit sal daar bly tot Ek dit weer onder my sorg sal neem, sê die Here. Dan sal Ek dit gaan haal en terugbring na hierdie plek toe. Dit is wat die Here die Almagtige, die God van Israel, sê van die voorwerpe wat nog oor is in die huis van die Here en in die paleis van die koning van Juda en in Jerusalem.

Jeremia 28

Die vals profeet Gananja

¹In daardie tyd, in die vyfde maand van die vierde regeringsjaar van koning Sedekia van Juda, dit was dus in die eerste deel van sy regering, het die profeet Gananja seun van Assur uit Gibeon vir my in die teenwoordigheid van die priesters en die hele volk in die huis van die Here gesê:

²“So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ek sal die juk wat die koning van Babel julle oplê, verbreek.

³Oor twee jaar sal Ek al die voorwerpe uit my tempel, wat koning Nebukadnesar van Babel uit hierdie plek uit na Babel toe gevat het, hierheen laat terugbring.

⁴Ek sal ook vir koning Jojagin van Juda, seun van Jojakim, en al die ballinge van Juda wat deur Nebukadnesar na Babel toe gevat is, na hierdie plek toe terugbring, sê die Here, want Ek sal die juk wat Babel se koning julle oplê, verbreek.”

⁵Toe antwoord die profeet Jeremia die profeet Gananja in die teenwoordigheid van die priesters en die hele volk wat in die huis van die Here gestaan het.

⁶Die profeet Jeremia het gesê: “Ek sou dit ook graag so wou hê. Mag die Here dit doen. Mag die Here bevestig wat jy as profeet gesê het en die voorwerpe uit die huis van die Here en al die ballinge na hierdie plek toe terugbring uit Babel.

⁷Maar luister tog na wat ek nou gaan sê sodat jy en die hele volk dit kan hoor.

⁸Die profete uit die dae voor jou en my het lankal vir baie lande en oor groot koninkryke oorlog en rampe en peste aangekondig.

⁹Maar die profeet wat voorspoed aankondig, is net aanvaar as profeet wat werklik deur die Here gestuur is, wanneer so 'n profeet se woord uitkom.”

¹⁰Toe vat die profeet Gananja die juk van die profeet Jeremia se nek af en breek dit stukkend.

¹¹Gananja het voor die hele volk gesê: “So sê die Here: So sal Ek oor twee jaar die juk verbreek wat deur koning Nebukadnesar van Babel gesit is op die nek van al die nasies.” Die profeet Jeremia is toe daar weg.

¹²Nadat die profeet Gananja die juk op die profeet Jeremia se nek gebreek het, het die woord van die Here tot Jeremia gekom:

¹³Gaan sê vir Gananja: So sê die Here: Jy het houtjukke stukkend gebreek. In plaas daarvan sal jy ysterjukke dra.

¹⁴So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ek sit 'n ysterjuk op die nek van al hierdie nasies: hulle sal vir koning Nebukadnesar van Babel dien. Hulle sal hom dien, en Ek stel ook die wilde diere tot sy beskikking.

¹⁵Die profeet Jeremia het toe vir die profeet Gananja gesê: Luister, Gananja! Die Here het jou nie gestuur nie. Jy laat hierdie volk staatmaak op leuens.

¹⁶Daarom, sê die Here, gaan Ek jou wegvee van die aarde af. Jy sal vanjaar nog sterf, want jy het opstand teen die Here gepreek.

¹⁷In die sewende maand van daardie jaar is die profeet Gananja dood.

Jeremia 29

'n Brief aan die ballinge

¹Dit is 'n afskrif van die brief wat die profeet Jeremia uit Jerusalem gestuur het na die leiers van die ballinge wat nog oor was, en na die priesters en die profete en die hele volk wat deur Nebukadnesar uit Jerusalem na Babel toe weggevoer is.

²Jeremia het die brief gestuur nadat koning Jojagin en die koninginmoeder, die paleis personeel en die amptenare van Juda en Jerusalem, die ambagsmanne en die bouers uit Jerusalem weg is.

³Jeremia het die brief gestuur met Elasa seun van Safan en met Gemarja seun van Gilkija wat deur koning Sedekia van Juda na koning Nebukadnesar van Babel toe gestuur is.

⁴So sê Ek, die Here die Almagtige, die God van Israel, vir al die ballinge wat Ek uit Jerusalem in ballingskap na Babel toe weggevoer het:

⁵Bou vir julle huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan,

⁶trou en bring kinders in die wêreld, en laat hulle trou en kinders in die wêreld bring. Julle moet daar in Babel baie word, nie min nie.

⁷Bevorder die belange van die stad waarheen Ek julle in ballingskap weggevoer het, bid tot My vir daardie stad, want sy belange is ook julle belange.

⁸So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Moenie dat die profete en waarsêers daar by julle julle mislei nie. Moenie ag slaan op daardie drome wat julle so graag droom nie.

⁹Daardie mense tree sonder opdrag op as profete in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie, sê die Here.

¹⁰So sê die Here: Oor presies sewentig jaar sal Ek Babel straf en julle onder my sorg neem en dan sal Ek my belofte nakom om julle hier na Jerusalem toe terug te bring.

¹¹Ek weet wat Ek vir julle beplan, sê die Here: voorspoed en nie teenspoed nie; Ek wil vir julle 'n toekoms gee, 'n verwagting!

- ¹²Dan sal julle My aanroep, tot My kom bid, en Ek sal julle gebede verhoor.
- ¹³Julle sal vra na my wil en julle sal dan my wil ken as julle met julle hele hart daarna vra.
- ¹⁴Julle sal My ontmoet, sê die Here, en Ek sal julle terugbring uit die ballingskap uit. Ek sal julle bymekaarmaak tussen al die nasies uit en van al die plekke af waarheen Ek julle verstrooi het, sê die Here, en Ek sal julle terugbring na die plek toe waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.
- ¹⁵Julle sou kon sê: “Nee, die Here het vir ons profete in Babel gegee,”
- ¹⁶maar so sê die Here oor die koning wat nou op die troon van Dawid sit en oor die hele volk wat in hierdie stad woon, julle volksgenote wat nie saam met julle in ballingskap weggevoer is nie,
- ¹⁷ja, so sê die Here die Almagtige: Ek laat oorlog, hongersnood en pes onder hulle los en Ek maak hulle soos oopgebarste vye wat so sleg is dat 'n mens dit nie kan eet nie.
- ¹⁸Ek sal die volk agtervolg met oorlog en met hongersnood en met pes. Ek maak hulle tot iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik: onder al die nasies waaronder Ek hulle sal verstrooi, sal hulle naam gebruik word wanneer mense ander wil vervloek, wil bang maak, wil beledig of wil verneder.
- ¹⁹Hulle het nie na my waarskuwings geluister toe Ek my dienaars die profete vroeg en laat na hulle toe gestuur het nie, sê die Here. Julle ballinge het ook nie geluister nie, sê die Here.
- ²⁰Hoor die woord van die Here, al julle ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel toe weggestuur het!
- ²¹So sê die Here die Almagtige, die God van Israel, vir Agab seun van Kolaja en vir Sedekia seun van Maäseja wat sonder opdrag in my Naam as julle profete optree: Ek sal hulle oorgee in die mag van koning Nebukadnesar van Babel, en hy sal hulle voor julle oë om die lewe bring.

²²En hulle name sal as 'n vervloeking gebruik word deur al die Joodse ballinge in Babel, wat sal sê: “Mag die Here jou maak soos Sedekia en soos Agab vir wie die koning van Babel verbrand het.”

²³Hulle het 'n afskuwelike ding in Israel gedoen: hulle het gehoereer met hulle bure se vrouens en ook vals in my Naam gepraat terwyl Ek hulle nie 'n opdrag gegee het nie. Ek weet dit, Ek is getuie daarvan, sê die Here.

²⁴Vir Semaja die Negelamiet moet jy sê:

²⁵So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Jy het op eie houtjie na die hele volk in Jerusalem briewe gestuur en ook na die priester Sefanja seun van Maäseja en na al die ander priesters toe en geskryf:

²⁶“Die Here het jou as priester aangestel in die plek van die priester Jojada sodat jy kan toesig hou oor die huis van die Here. Jy moet elke malle wat as profeet optree, in die blok en in die nekyster sit.

²⁷Waarom het jy nie nou vir Jeremia die man uit Anatot wat vir julle as profeet optree, tereggewys nie?

²⁸Daarom het hy die boodskap hier na ons toe in Babel gestuur: die ballingskap sal nog lank aanhou. Bou huise en bewoon dit, lê tuine aan en eet die opbrengs daarvan.”

²⁹Maar die priester Sefanja het hierdie brief vir die profeet Jeremia voorgelees,

³⁰en toe het die woord van die Here tot Jeremia gekom:

³¹Stuur hierdie boodskap na al die ballinge toe. So sê die Here vir Semaja die Negelamiet: Omdat Semaja vir julle as profeet opgetree het hoewel Ek hom nie gestuur het nie, en hy julle op 'n leuen laat staatmaak het,

³²daarom, so sê die Here, sal Ek vir Semaja die Negelamiet straf en ook sy nageslag. Hy sal geen familielid onder hierdie volk oorhê nie en hy sal nie deel in die goeie wat Ek vir my volk sal doen nie, sê die Here. Hy het opstand teen My gepreek.

Jeremia 30

Die Here sal die lot van Israel en Juda verander

- ¹Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het.
- ²So sê die Here die God van Israel: Skryf alles wat Ek met jou gepraat het, in 'n boek.
- ³Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander en hulle sal terugbring om die land te besit wat Ek aan hulle voorvaders gegee het, sê die Here.
- ⁴Dit is die woorde wat die Here oor Israel en Juda gesê het.
- ⁵So sê die Here: Ek hoor angskrete; daar is vrees, nie vrede nie.
- ⁶Gaan kyk self, vra gerus: Kan 'n man 'n kind in die wêreld bring? Waarom sien Ek dan elke man met sy hande op sy maag soos 'n vrou wat in kraam is? Waarom het elke gesig doodsbleek geword?
- ⁷Daar wag ellende! Dit is 'n vreeslike dag, sonder gelyke. Dit is 'n tyd van swaarkry vir Jakob, maar hy sal daaruit gered word.
- ⁸Daardie dag, sê die Here die Almagtige, sal Ek die juk van die vyand afgooi van julle nekke af en julle vry maak. Julle sal nie meer uitlanders dien nie,
- ⁹want julle sal die Here julle God en julle koning Dawid dien. Ek sal hom koning maak oor julle.
- ¹⁰Moenie bang wees nie, my dienaar Jakob, moenie skrik nie, Israel, sê die Here. Ek red jou uit plekke wat ver weg is, jou nakomelinge uit die land waar hulle ballinge is. Jakob sal weer veilig wees en vrede hê, niemand sal hom laat bang word nie.
- ¹¹Ek is by jou, sê die Here, Ek sal jou red! Ek sal al die nasies uitwis onder wie Ek jou verstrooi het, maar Ek sal jou nie uitwis nie. Ek sal jou nie ongestraf laat nie, maar Ek sal jou regverdig straf.
- ¹²So sê die Here: Jou wond is ongeneeslik, jou siekte dodelik.
- ¹³Niemand kan jou saak stel nie; daar is nie 'n raat vir jou sweer nie.

¹⁴Almal wat jou liefgehad het, het jou vergeet, hulle gee nie vir jou om nie. Ek het jou geslaan soos 'n vyand dit sou doen: Ek het jou wreed gestraf, want jou ongeregtigheid is groot, jou sondes baie.

¹⁵Waarom skreeu jy oor jou wond, oor jou siekte wat ongeneeslik is? Ek het jou hierdie dinge aangedoen omdat jou ongeregtigheid groot is, jou sondes baie.

¹⁶Almal wat jou verteer, sal verteer word, al jou teëstanders sal in ballingskap weggevoer word, dié wat jou plunder, sal geplunder word, dié wat jou as buit behandel, sal self buit word.

¹⁷Ek sal jou gesond maak, jou wonde genees, sê die Here, selfs al noem hulle jou: Die stad wat verstoot is, Sion vir wie niemand omgee nie.

¹⁸So sê die Here: Ek sal die lot van Jakob se woonplekke verander, Ek sal My ontferm oor die streke waar hy woon: sy stad sal uit sy puin herbou word, sy paleis sal staan waar hy hoort.

¹⁹Daar sal lofsange uit hulle kom, feesliedere! Ek sal my volk baie maak, hulle sal nie minder word nie. Ek sal eer aan hulle gee, hulle sal nie geminag word nie.

²⁰Sy kinders sal weer soos tevore wees, die gemeente in hom sal 'n blywende plek hê in my teenwoordigheid. Ek sal almal straf wat hom verdruk.

²¹Sy leier sal een van sy eie mense wees, sy regeerder sal uit sy eie kring kom. Ek sal hom laat nader kom en hy sal na My toe kom. Wie is hy wat sy lewe sal waag om na My toe te kom? sê die Here.

²²Julle sal my volk wees, en Ek sal julle God wees.

²³Die toorn van die Here sal losbreek soos 'n storm, dit sal maal soos 'n dwarrelwind en losbars oor die koppe van die goddeloses.

²⁴Sy gloeiende toorn sal nie bedaar voordat Hy sy plan deurgevoer het nie. Daar kom 'n tyd dat julle dit alles sal begryp.

Jeremia 31

¹Daardie tyd, sê die Here, sal Ek die God van al die stamme van Israel wees, en hulle sal my volk wees.

²So sê die Here: Israel, die volk wat aan die swaard ontkom het, is begenadig in die woestyn, hy sal na sy rusplek toe kom.

³Van ver af het die Here Hom aan Israel bekend gemaak: Ek het jou nog altyd liefgehad, daarom het Ek jou met geduld verdra.

⁴Ek sal aan jou kinders gee, Israel, jy sal kinders in die wêreld bring. Jy sal weer jou tamboeryne dra, jy sal uitgaan om te dans saam met dié wat bly is.

⁵Jy sal weer wingerde plant op die Samariaberge, die boere sal dit plant en die vrugte daarvan geniet.

⁶Die dag het aangebreek, die dag waarop dié wat wag staan, op die Efraimsberge sal roep: “Kom ons gaan na Sion toe, na die Here ons God toe.”

⁷So sê die Here: Sing van blydschap oor Jakob, die leier onder die nasies, juig oor hom! Laat hoor julle loflied, en sê: Red u volk, Here, red wat van Israel oorgebly het!

⁸Ek laat kom hulle uit die land in die noorde, Ek vergader hulle van die uithoeke van die aarde af: onder hulle is blindes en kreupeles, swanger vrouens en vrouens in kraam. ‘n Groot gemeente sal hiernatoe terugkom.

⁹In tranes sal hulle kom, met smeekgebede, maar Ek sal hulle lei, Ek sal hulle by waterstrome bring, op 'n gelyk pad, niemand sal struikel nie, want Ek het Israel se Vader geword, Efraim is my eersgeborene.

¹⁰Hoor die woord van die Here, nasies, vertel dit aan die verste eilande! Julle moet sê: Hy wat vir Israel verstrooi het, sal hom bymekaarmaak. Die Here sal hom oppas soos 'n wagter sy trop skape oppas.

¹¹Die Here het vir Jakob bevry, hulle gered uit die mag van een wat sterker as hulle is.

¹²Hulle sal kom en op die Sionshoogte sing, hulle sal straal van blydschap oor die goeie wat deur die Here gegee word: oor koring, wyn en olie, oor die

aanteel van kleinvee en grootvee. Hulle sal floreer soos 'n tuin wat goed natgelei word, hulle sal nie meer na water smag nie.

¹³Dan sal die jong meisies dans van blydschap saam met die jong mans en die ou mans. Ek sal hulle droefheid in vreugde verander, Ek sal vir hulle uitkoms gee: Ek sal hulle bly maak, hulle sal geen kommer meer hê nie.

¹⁴Ek sal 'n oorvloed goeie kos vir die priesters gee, my volk sal oorgenoeg hê aan die goeie wat Ek gee, sê die Here.

¹⁵So sê die Here: 'n Gekerm word op Rama gehoor, 'n gehuil vol hartseer: Ragel treur oor haar kinders, sy wil haar nie laat troos nie, want haar kinders is weg.

¹⁶So sê die Here: Bly stil, moenie huil nie, moenie trane in jou oë hê nie! Vir al jou swaarkry sal jy vergoed word, sê die Here, jou kinders sal uit die vyand se land terugkom.

¹⁷Daar is 'n toekoms vir jou nageslag, sê die Here, jou kinders sal na hulle besitting toe terugkom.

¹⁸Ek het duidelik gehoor hoe Efraim kla: “U het my gestraf, ek is ingebreek soos 'n kalf wat mak gemaak is. Bring my terug na U toe dat ek my kan bekeer, want U is die Here my God.

¹⁹Ek het weggedwaal, maar ek het berou gehad, ek het tot insig gekom en myself vol berou op die heupe geslaan, ek het my geskaam, ek het skande oor my gebring, ek is verneder oor die sondes van my jeug af.”

²⁰Efraim is nie my troetelkind nie, 'n kind in wie Ek My verlustig nie, en tog, elke keer as Ek hom bestraf, dink Ek met hartseer aan hom en is Ek ontstel oor hom, want Ek het hom baie lief, sê die Here.

²¹Rig vir jou padwysers op, bring vir jou rigtingborde aan, hou jou oog op die grootpad, op die pad wat jy moet loop. Kom terug, Israel, kom terug na jou stede toe.

²²Hoe lank gaan jy nog talm, jy wat so dikwels jou eie koers gaan? Die Here skep iets nuuts in jou land: Israel sal die Here liefhê.

²³So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Wanneer Ek hulle lot verander, sal hulle weer in Juda en in sy stede sê: Die Here sal jou seën, regmatige woonplek, heilige berg!

²⁴Mense sal saam woon in Juda en in sy stede, boere en veewagters wat rondtrek.

²⁵Ek gee nuwe krag aan dié wat moeg is, Ek maak die moedelse weer vol moed.

²⁶Dit is waarom Ek ingryp: Ek het alles gesien, Ek sal nie terugkom op my besluit nie.

²⁷Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek Israel en Juda weer sal vol maak met mense en diere.

²⁸Ek was gretig om hulle uit te ruk en af te breek, om hulle plat te slaan en te vernietig, om rampe oor hulle te bring. Ek sal net so gretig wees om hulle op te bou en hulle te plant, sê die Here.

²⁹In daardie tyd sal hulle nie meer sê: “Die vaders het groen druiwe geëet, en die kinders se tande het stomp geword” nie.

³⁰Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word.

³¹Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

³²Dit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorvaders gesluit het toe Ek hulle aan die hand gevat en uit Egipte laat trek het nie. Hulle het daardie verbond wat Ek met hulle gesluit het, verbreek al was Ek getrou aan hulle, sê die Here.

³³Dit is die verbond wat Ek in die toekoms met Israel sal sluit, sê die Here: Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle gedagte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.

³⁴'n Man sal nie meer vir sy buurman of vir sy broer voorhou: “Jy moet die Here dien” nie, want almal sal My dien, klein en groot, sê die Here. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie.

³⁵So sê die Here, Hy wat die son bedags laat skyn, die maan en sterre beveel om snags te skitter, Hy wat die see onstuimig laat word, wat sy golwe laat druis, wie se Naam Here die Almagtige is:

³⁶Eers as hierdie dinge uit my teenwoordigheid verdwyn, sê die Here, sal die nageslag van Israel ophou om vir altyd in my teenwoordigheid 'n nasie te wees.

³⁷So sê die Here: As die hemel daarbo afgemeet kan word en as die fundamente van die aarde daaronder vasgestel kan word, sal Ek die hele nageslag van Israel verwerp oor alles wat hulle gedoen het, sê die Here.

³⁸Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat hierdie stad vir My herbou sal word van die Gananeltoring af tot by die Hoekpoort.

³⁹Die maatlyn sal van daar af reguit loop tot by die Garebheuwel en dan sal dit swaai na Goa toe.

⁴⁰Die hele dal waar lyke en as weggegooi word, en al die terrasse tot by Kedronspruit en ooswaarts tot by die Perdepoort sal aan die Here gewy wees. Dit sal nooit weer uitgeruk of platgeslaan word nie.

Jeremia 32

Jeremia koop grond

¹Dit is die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het in die tiende regeringsjaar van koning Sedekia van Juda. Dit was die agtiende regeringsjaar van koning Nebukadnesar

²van Babel wie se leër juis toe vir Jerusalem beleër het. Die profeet Jeremia was in daardie tyd ingeperk in die binneplaas van die paleiswag van Juda.

³Koning Sedekia van Juda het vir Jeremia daar ingeperk en gevra: “Waarom sê jy die dinge as profeet? Jy sê: So sê die Here: Ek gee hierdie stad in die mag van die koning van Babel. Hy sal dit verower.

⁴Koning Sedekia van Juda sal nie vrykom uit die mag van die Galdeërs nie. Hy sal beslis uitgelewer word aan die koning van Babel en persoonlik met hom praat en hom met sy eie oë sien.

⁵Die koning van Babel sal vir Sedekia na Babel toe vat, en hy sal daar bly, sê die Here. Dit is my straf vir hom. As julle teen die Babiloniërs oorlog maak, sal julle die neerlaag ly.”

⁶Jeremia het vir Sedekia geantwoord: “Die woord van die Here het tot my gekom:

⁷Jou oom Sallum se seun Ganamel sal na jou toe kom en sê: ‘Koop my stuk grond wat in Anatot is vir jou, want volgens die lossingsreg moet jy dit koop.’

⁸“Soos die Here gesê het, het my neef Ganamel na my toe gekom in die binneplaas van die paleiswag en vir my gesê: ‘Koop tog my stuk grond wat in Anatot is in die gebied van Benjamin. Dit is jou reg om dit te besit, jy het die lossingsreg. Koop dit vir jou.’ Ek het toe geweet dit is die woord van die Here

⁹en ek het die stuk grond wat in Anatot is, by my neef Ganamel gekoop. Ek het vir hom twee honderd gram silwer afgeweeg.

¹⁰Nadat ek die kontrak geskryf en die seël daarop gesit het en dit deur getuies laat teken het, het ek die silwer vir hom afgeweeg op 'n skaal.

¹¹Toe het ek die koopkontrak met die voorwaardes en die bepalinge daarop, die kontrak met die seël en die afskrif sonder seël, gevat

¹²en in die teenwoordigheid van my neef Ganamel en van die getuies wat dit geteken het en van al die Judeërs wat in die binneplaas van die paleiswag gesit het, vir Baruk seun van Nerija, seun van Magseja, gegee.

¹³“In hulle teenwoordigheid het ek vir Baruk beveel:

¹⁴“So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Vat hierdie dokumente, die koopkontrak met die seël en die afskrif sonder seël en sit hulle in 'n kleipot sodat hulle lank kan hou,

¹⁵want so sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Daar sal weer huise en grond en wingerde in hierdie land gekoop word.’

¹⁶“Nadat ek die koopkontrak vir Baruk seun van Nerija gegee het, het ek tot die Here gebid:

¹⁷Ag, Here my God, U het die hemel en die aarde gemaak deur u groot mag. Niks is vir U onmoontlik nie.

¹⁸U bewys u troue liefde aan duisende geslagte, maar U straf kinders vir die sondes van hulle ouers. Groot en magtige God, u Naam is Here die Almagtige.

¹⁹U besluite is magtig, u dade groot. U sien alles wat die mense doen. U gee aan elkeen wat hom toekom, U beloon elkeen volgens sy dade.

²⁰Die tekens en wonders wat U in Egipte gedoen het, doen U nou nog in Israel en onder die mense. So maak U vir U 'n Naam tot vandag toe.

²¹“U het u volk Israel uit Egipte laat wegtrek met tekens en met wonders, met magtige dade en met wonderlike groot dade waarvoor mense vreesbevange was.

²²U het hierdie land vir u volk gegee, die land wat U met 'n eed aan hulle voorvaders beloof het om aan hulle te gee, 'n land wat oorloop van melk en heuning.

²³U volk het gekom en dit in besit geneem, maar hulle was ongehoorsaam. Hulle het nie u wet onderhou nie, hulle het nie gedoen wat U hulle beveel het om te doen nie. Daarom het U al hierdie rampe oor hulle laat kom.

²⁴Daar is beleëringswalke teen die stad opgegooi om dit te verower, en die stad is deur die swaard en hongersnood en pes oorgegee in die mag van die Galdeërs wat daarteen veg. Wat U gesê het, gebeur nou. U sien dit self.

²⁵En tog sê U, Here my God, vir my: ‘Gaan koop vir jou 'n stuk grond met silwer en sorg dat jy getuies het,’ en dít noudat die stad in die mag van die Galdeërs gegee is.”

Ek sal my volk terugbring

²⁶Die woord van die Here het tot Jeremia gekom:

²⁷Ek is die Here die God van al die mense. Is iets vir My onmoontlik?

²⁸So sê die Here: Ek gee hierdie stad in die mag van die Galdeërs, in die mag van koning Nebukadnesar van Babel. Hy sal dit verower.

²⁹Die Galdeërs wat teen hierdie stad veg, sal dit aan die brand kom steek en dit afbrand, ook die huise waar die inwoners My getart het toe hulle vir Baäl wierook gebrand het op die dakke en waar hulle drankoffers vir ander gode uitgegiet het.

³⁰Die mense van Israel en Juda het van jongs af net gedoen wat verkeerd is in my oë. Die Israeliete het My getart met goed wat hulle self gemaak het, sê die Here.

³¹Van die dag af dat hierdie stad gebou is, tot nou toe het dit my gloeiende toorn so laat ontvlam dat Ek die stad wil wegvee voor My.

³²Die mense van Israel en Juda het My getart met al die verkeerde dinge wat hulle gedoen het, hulle, hulle konings, hulle amptenare, hulle priesters, hulle profete, elkeen in Juda, al die inwoners van Jerusalem.

³³Hulle het hulle rug na My toe gedraai, nie hulle gesigte nie. Ek het hulle vroeg en laat geleer om goed te luister, maar hulle wou nie hoor nie, hulle wou nie uit straf leer nie.

³⁴Hulle het hulle afskuwelike afgode in die huis gesit waarom my Naam uitgeroep is en so het hulle my huis verontreinig.

³⁵Hulle het hoogtes vir Baäl gebou in die Ben-Hinnomdal om hulle seuns en dogters vir Molek as offers te laat verbrand. Ek het hulle dit nie beveel nie; so 'n afskuwelike gedagte om vir Juda te laat sonde doen, het nie eens by My opgekom nie.

³⁶Tog, so sê die Here die God van Israel vir hierdie stad waarvan julle sê dit sal deur die swaard en hongersnood en pes in die mag van die koning van Babel gegee word:

³⁷Ek sal hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verjaag het in my gloeiende toorn en in my groot woede. Ek sal hulle hierheen terugbring en hulle sal hier rustig kom woon.

³⁸Hulle sal my volk wees en Ek sal hulle God wees.

³⁹Ek sal hulle 'n onverdeelde hart en 'n vaste koers gee: hulle sal My altyd dien vir hulle eie beswil en vir dié van hulle kinders na hulle.

⁴⁰Ek sal 'n blywende verbond met hulle sluit. Ek sal nooit ophou om aan hulle goed te doen nie en Ek sal in hulle die begeerte lê om My te dien en nie van My af weg te draai nie.

⁴¹Ek sal dit geniet om goed te doen aan hulle in my trou; met alles wat Ek is, sal Ek hulle weer in dié land vestig.

⁴²So sê die Here: Soos Ek hierdie groot ramp oor hierdie volk gebring het, so sal Ek ook al die goeie wat Ek hulle beloof het, na hulle toe bring.

⁴³Daar sal weer grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: “Dit is verwoes, sonder mens of dier, oorgegee in die mag van die Galdeërs.”

⁴⁴Grond sal vir silwer gekoop word, kontrakte sal geskryf word met seëls daarop en getuies daarvan. Dit sal gebeur in die gebied van Benjamin en in die omgewing van Jerusalem, in die stede van Juda: in die stede van die Bergland en van die Laeveld en in die stede van die Suidland. Ek sal hulle lot verander, sê die Here.

Jeremia 33

¹Die woord van die Here het weer tot Jeremia gekom. Hy was toe nog ingeperk in die binneplaas van die paleiswag.

²So sê die Here, Hy wat die aarde gemaak en so gevorm het dat dit nie wankel nie, wie se Naam Here is:

³Roep My aan, Ek sal jou antwoord en jou vertel van groot en onverstaanbare dinge waarvan jy nie weet nie.

⁴So sê die Here die God van Israel oor die huise in hierdie stad en oor die konings van Juda se paleise wat afgebreek is, en oor die beleëringswalles en oor die wapens

⁵waarmee die Galdeërs teen julle kom veg het, die huise wat deur die Galdeërs vol gemaak is met die lyke van die mense wat Ek in my gloeiende toorn om die lewe wou bring toe Ek nie meer vir hierdie stad omgee het nie omdat hy so baie sonde gedoen het:

⁶Ek sal hom heeltemal gesond maak en sy inwoners genees; Ek sal vir hulle 'n sterk veilige vesting bou.

⁷Ek sal die lot van Juda en Israel verander en vir hulle kinders gee soos vroeër.

⁸Ek sal hulle reinig van al die sondes waarmee hulle teen My oortree het en al hulle sondes vergewe waarmee hulle teen My oortree het, en in opstand gekom het.

⁹Dit sal my Naam groot maak en aan My blydschap verskaf, aan My lof en eer gee voor al die nasies van die aarde wanneer hulle hoor van al die goeie wat Ek vir my volk gedoen het. Die nasies sal bang wees en My dien oor al die goeie wat Ek doen en oor die vrede wat Ek vir Jerusalem gee.

¹⁰So sê die Here: Daar word nog gehoor dat julle van hierdie plek sê dit is verwoes, sonder mense en sonder diere. Maar in die stede van Juda en in die strate van Jerusalem wat verwoes en sonder mense en sonder inwoners en diere was,

¹¹sal daar weer blydschap en vreugde wees, ook huweliksfeeste, die mense sal die Here die Almagtige loof. Dié wat dankoffers na die huis van die Here toe bring, sal sê: “Loof die Here die Almagtige, want Hy is goed, aan sy liefde is daar geen einde nie.” Ek sal die lot van die land verander, dit sal weer wees soos vroeër, sê die Here.

¹²So sê die Here die Almagtige: In hierdie plek wat so verwoes is dat geen mens of dier oorgebly het nie, en by al sy stede sal weer weiveld vir kuddes wees, lêplek vir kleinvee.

¹³In die stede van die Bergland, in dié van die Laeveld en in dié van die Suidland, in die gebied van Benjamin en in die omgewing van Jerusalem, en in die stede van Juda sal daar weer kleinvee wees om te tel, sê die Here.

¹⁴Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek die goeie belofte sal nakom wat Ek aan Israel en Juda gemaak het.

¹⁵In daardie dae, in daardie tyd, sal Ek vir Dawid 'n wettige afstammeling gebore laat word en hy sal in die land reg laat geskied en reg doen.

¹⁶In daardie dae sal Juda gered word en Jerusalem sal onbesorg woon en genoem word: Die Here verskaf reg aan ons.

¹⁷So sê die Here: Iemand uit die huis van Dawid sal altyd op die troon van Israel sit,

¹⁸en daar sal altyd Levitiese priesters wees om offers te bring: brandoffers en graanoffers.

¹⁹Die woord van die Here het tot Jeremia gekom:

²⁰So sê die Here: As jy die verbond wat Ek met die dag en die nag gesluit het, kan verbreek sodat dag en nag nie meer op die regte tyd kom nie,

²¹sal die verbond verbreek word wat Ek met my dienaar Dawid gesluit het dat daar altyd vir hom 'n nageslag sal wees om as koning op Dawid se troon te heers. Dit geld ook die verbond wat Ek gesluit het met die Levitiese priesters wat in my diens is.

²²Ek sal die nageslag van my dienaar Dawid en dié van die Leviete wat in my diens is, so baie maak soos die sterre wat nie getel kan word nie, en soos die sand van die see waarvan die hoeveelheid nie bereken kan word nie.

²³Die woord van die Here het tot Jeremia gekom:

²⁴Het julle agtergekom dat daar mense is wat sê: “Die Here het die twee stamme Juda en Levi wat Hy gekies het, verwerp”? Hierdie mense minag my volk en beskou hom nie meer as 'n volk nie.

²⁵Maar so sê die Here: As Ek nie my verbond met die dag en die nag nakom nie en my voorskrifte vir die hemel en die aarde nie handhaaf nie,

²⁶sal Ek die nageslag van Jakob en die nageslag van my dienaar Dawid verwerp en nie meer een uit sy nageslag vat om te regeer oor die nageslag van Abraham, Isak en Jakob nie. Ek sal hulle lot verander en medelye met hulle hê.

Jeremia 34

Koning Sedekia sal gevang word

¹Die woord wat van die Here tot Jeremia gekom het terwyl koning Nebukadnesar van Babel met sy hele leër en met al die koninkryke en volke van die lande waaroor hy geregeer het, oorlog gemaak het teen Jerusalem en die stede onder hom:

²So sê die Here die God van Israel: Gaan sê vir koning Sedekia van Juda, so sê die Here: Ek sal hierdie stad in die mag van die koning van Babel oorgee. Hy sal dit verbrand.

³Jy sal nie uit sy mag ontsnap nie, want jy sal beslis gevang en in sy mag oorgegee word. Jy sal die koning van Babel met jou eie oë sien en self met hom praat en dan sal jy na Babel toe gaan.

⁴Maar luister na die belofte van die Here, koning Sedekia van Juda! So sê die Here oor jou: Jy sal nie deur die swaard sterf nie.

⁵Jy sal in vredestyd sterf en soos die mense wierook gebrand het ter ere van jou voorvaders, die vroeëre konings wat jou voorgangers was, so sal die mense dit vir jou doen. Hulle sal oor jou treur en sê: “Ons arme koning.” Ek het hierdie belofte gemaak, sê die Here.

⁶Die profeet Jeremia het toe al hierdie woorde in Jerusalem oorgedra aan koning Sedekia van Juda.

⁷Dit was in die tyd toe die leër van die koning van Babel teen Jerusalem geveg het en teen al die stede van Juda wat nog weerstand gebied het, teen Lakis en Aseka, wat die enigste versterkte stede in Juda was wat nog oorgebly het.

Die Here laat sy volk vry om gestraf te word

⁸Die woord van die Here het tot Jeremia gekom nadat koning Sedekia 'n ooreenkoms met die hele volk wat in Jerusalem was, aangegaan het om hulle slawe vry te laat.

⁹Elkeen sou sy slaaf of slavin van Hebreuse afkoms vrylaat, geen Judeër sou 'n volksgenoot as slaaf aanhou nie.

¹⁰Al die amptenare en die hele volk wat die ooreenkoms aangegaan het om hulle slawe en slavinne vry te laat sodat hulle nie meer diens moes lewer nie, het hulle vrygelaat.

¹¹Maar die eienaars het agterna van gedagte verander en hulle slawe en slavinne wat vrygelaat was, gedwing om weer slawe en slavinne te wees en hulle mishandel.

¹²Toe het die woord van die Here tot Jeremia gekom:

¹³So sê die Here die God van Israel: Die dag toe Ek julle voorvaders uit die plek van slawerny, uit Egipte laat wegtrek het, het Ek 'n verbond met hulle gesluit:

¹⁴Aan die einde van sewe jaar moet julle elke Hebreuse volksgenoot wat hom as slaaf aan julle verkoop het, vrylaat. Nadat hy julle ses jaar lank as slaaf gedien het, moet julle hom vrylaat en van julle af wegstuur. Maar julle voorvaders het nie na My geluister nie en hulle nie aan My gesteur nie.

¹⁵Julle het onlangs egter tot bekering gekom en gedoen wat reg is in my oë deur julle volksgenote wat slawe was, vry te laat. Julle het selfs 'n ooreenkoms voor My aangegaan in die huis waaroor my Naam uitgeroep is.

¹⁶Maar nou het julle weer van gedagte verander en my Naam onteer toe elkeen sy slaaf en slavin wat hy vrygelaat het om sy eie gang te gaan, gedwing het om weer julle slawe en slavinne te wees. En julle mishandel hulle.

¹⁷Daarom, so sê die Here: Julle het nie na My geluister nie. Julle het nie julle volksgenote vrygelaat nie. Daarom laat Ek julle nou vry, sê die Here, vry vir oorlog, vir pes en vir hongersnood, en Ek maak julle tot iets waarvoor al die koninkryke van die aarde sal skrik.

¹⁸Elkeen wat hom nie gesteur het aan die verbond met My en die voorwaardes van die ooreenkoms wat hulle in my teenwoordigheid aangegaan het, nie nagekom het nie, sal Ek maak soos die kalf wat julle met die verbondsluiting in twee stukke gesny en toe daartussendeur geloop het.

¹⁹Ek sal die leiers van Juda, die leiers van Jerusalem, die paleisamptenare, die priesters en al die landsburgers wat tussen die twee stukke van die kalf deur geloop het,

²⁰in die mag van hulle vyande oorgee, in die mag van dié wat hulle lewe seek. Hulle lyke sal gevreet word deur voëls en roofdiere.

²¹Ek sal koning Sedekia van Juda en sy amptenare in die mag van hulle vyande oorgee, in die mag van dié wat hulle lewe seek, in die mag van die leer van die koning van Babel al het dit nou van jou af weggetrek.

²²Ek sal hom 'n nuwe opdrag gee, sê die Here, Ek sal hom terugbring na hierdie stad toe. Hy sal teen die stad veg en dit inneem en verbrand. Ek sal al die stede van Juda verlate maak, sonder inwoners.

Jeremia 35

Die Rekabiete as voorbeeld vir die volk

¹Die woord wat van die Here gekom het tot Jeremia in die regeringstyd van koning Jojakim van Juda, seun van Josia:

²Jy moet na die huis van die Rekabiete toe gaan en vir hulle sê om na die huis van die Here toe te kom, na een van die sykamers toe, en gee vir hulle wyn om te drink.

³Ek het toe vir Jaäsanja, seun van Jeremia seun van Gabassinja, en Jaäsanja se broers en al sy seuns, en al die Rekabiete gaan haal

⁴en hulle na die huis van die Here toe gebring na die kamer van die seuns van Ganan die man van God en seun van Jigdalja. Die kamer was langs dié van die amptenare wat bokant dié van die deurwagter Maäseja seun van Sallum was.

⁵Ek het kanne vol wyn en bekere voor die Rekabiete gesit en vir hulle gesê: “Hier is wyn, drink dit.”

⁶Maar hulle het geantwoord: “Ons drink nie wyn nie, want ons voorvader Jonadab seun van Rekab het ons beveel: ‘Julle mag nooit wyn drink nie, nie julle nie en ook nie julle kinders nie.

⁷Julle mag ook nie huise bou of graan saai of wingerde aanlê nie. Julle mag dit nie doen nie, want julle moet altyd in tente woon sodat julle lank kan bly woon in die land waar julle vreemdelinge is.’

⁸Ons was gehoorsaam aan alles wat ons voorvader Jonadab seun van Rekab ons beveel het. Ons het nooit wyn gedrink nie, nie ons nie, nie ons vrouens nie, ook nie ons seuns en dogters nie.

⁹Ons het nie huise gebou om in te woon nie en ons het nog nooit 'n wingerd of saaigrond gehad nie.

¹⁰Ons het in tente gebly. Ons was gehoorsaam aan alles wat ons voorvader Jonadab ons beveel het, ons het dit gedoen.

¹¹Net nou dat koning Nebukadnesar van Babel die land binnegeval het, het ons gesê: ‘Kom ons gaan na Jerusalem toe om weg te kom van die leer van die Galdeërs en dié van die Arameërs af.’ En nou bly ons in Jerusalem.”

¹²Die woord van die Here het toe tot Jeremia gekom:

¹³So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Gaan sê vir die mense van Juda en vir die inwoners van Jerusalem: Sal julle dan nooit leer om na my woord te luister nie? vra die Here.

¹⁴Jonadab seun van Rekab het sy kinders beveel om nie wyn te drink nie, en tot nou toe drink hulle dit nie, want hulle hou hulle aan sy woorde, hulle is gehoorsaam aan die bevel van hulle voorvader. Ek het vroeg en laat met julle gepraat, maar julle luister nie na My nie.

¹⁵Ek het vroeg en laat my dienaars die profete na julle toe gestuur om te sê: “Elkeen van julle moet hom van sy verkeerde dade bekeer. Julle mag nie agter ander gode aanloop en hulle dien nie. Julle moet goed doen sodat julle kan bly woon in die land wat Ek aan julle en aan julle voorvaders gegee het.” Maar julle het nie aandag gegee of na My geluister nie.

¹⁶Die nageslag van Jonadab seun van Rekab het hulle gehou aan die bevel wat hulle voorvader hulle gegee het, maar hierdie volk het nie na My geluister nie.

¹⁷So sê die Here die almagtige God, die God van Israel: Ek laat kom oor Juda en oor al die inwoners van Jerusalem al die rampe wat Ek oor hulle aangekondig het. Ek het met hulle gepraat, maar hulle het nie geluister nie, Ek het hulle geroep, maar hulle het nie geantwoord nie.

¹⁸Jeremia het toe vir die Rekabiete gesê: So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Julle het die bevel van julle voorvader Jonadab gehoorsaam en julle gehou aan sy bevele, julle het alles gedoen wat hy julle beveel het.

¹⁹Daarom, sê die Here die Almagtige, die God van Israel, sal daar altyd iemand wees uit die familie van Jonadab seun van Rekab om My te dien.

Jeremia 36

Jojakim verbrand die boekrol

¹In die vierde jaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, het hierdie woord van die Here tot Jeremia gekom:

²Vat vir jou 'n boekrol en skryf daarop al die woorde wat Ek oor Israel en oor Juda en oor al die nasies met jou gepraat het vandat Ek met jou begin praat het in die dae van Josia tot nou toe.

³As Juda hoor van al die rampe wat Ek oor hulle wil bring, sal elkeen hom miskien van sy verkeerde dade bekeer. Dan sal Ek hulle ongeregthede en hulle sondes vergewe.

⁴Toe het Jeremia vir Baruk seun van Nerija geroep, en hy het al die woorde van die Here wat die Here vir Jeremia gesê het, opgeteken soos Jeremia dit gedikteer het.

⁵Daarna het Jeremia vir Baruk gesê: “Ek is ingeperk. Ek kan nie na die huis van die Here toe gaan nie.

⁶Gaan jy op 'n vasdag en lees die boekrol waarin die woorde van die Here is wat ek vir jou gedikteer het. Die volk wat in die huis van die Here is en die

hele Juda wat uit hulle stede gekom het, moet dit kan hoor. Jy moet dit vir hulle lees.

⁷Miskien sal hulle dan by die Here pleit en sal elkeen hom bekeer van sy verkeerde pad. Die Here het aangekondig dat Hy in sy gloeiende toorn hierdie volk swaar sal straf.”

⁸Baruk seun van Nerija het toe alles gedoen wat die profeet Jeremia hom beveel het: hy het die boek met die woorde van die Here in die huis van die Here gaan lees.

⁹In die negende maand van die vyfde jaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia, is 'n vasdag in die teenwoordigheid van die Here vir die hele volk in Jerusalem aangekondig. Die hele volk het uit die stede van Juda in Jerusalem gekom.

¹⁰Baruk het toe die boek met die woorde van Jeremia begin lees in die huis van die Here, in die sykamer van Gemarja seun van die staatsekretaris Safan. Die hele volk kon dit hoor. Die sykamer was in die boonste voorhof by die ingang van die nuwe poort van die huis van die Here.

¹¹Toe Miga seun van Gemarja, seun van Safan, al die woorde van die Here hoor uit die boek,

¹²het Miga na die staatsekretaris se kantoor in die paleis toe gegaan. Al die amptenare, Elisama die staatsekretaris, Delaja seun van Semaja, Elnatan seun van Akbor, Gemarja seun van Safan, Sedekia seun van Gananja en al die ander amptenare het daar gesit.

¹³Miga het vir hulle alles vertel wat hy Baruk vir die volk uit die boek hoor lees het.

¹⁴Toe stuur al die amptenare vir Jehudi seun van Netanja, seun van Selemja, seun van Kusi na Baruk toe om vir hom te sê: “Vat die boekrol waaruit jy vir die volk gelees het en kom hier.” Baruk seun van Nerija het toe die boekrol gevat en na hulle toe gegaan.

¹⁵Hulle het vir hom gesê: “Sit, en lees dit vir ons.” Baruk het dit toe vir hulle gelees.

¹⁶Toe hulle alles hoor, het hulle bang geword en vir Baruk gesê: “Ons moet dit alles vir die koning gaan vertel.”

¹⁷Hulle het vir Baruk gevra: “Sê vir ons, hoe het jy dit alles geskryf? Het Jeremia dit gedikteer? ”

¹⁸Baruk het hulle geantwoord: “Alles is vir my gedikteer en ek het dit met ink op die boekrol geskryf.”

¹⁹Die amptenare het vir Baruk gesê: “Gaan kruip weg, jy en Jeremia, en niemand moet weet waar julle is nie.”

²⁰Die amptenare het die boekrol in die kantoor van die staatsekretaris Elisama gebêre en toe is hulle na die koning toe in die voorhof. Hulle het hom alles vertel.

²¹Toe stuur die koning vir Jehudi om die boekrol te gaan haal. Hy het dit uit die kantoor van die staatsekretaris Elisama gaan haal en vir die koning gelees in die teenwoordigheid van al die amptenare wat by die koning aan diens was.

²²Dit was winter en die koning het in die sonkamer gesit met 'n bak gloeiende kole voor hom.

²³Elke keer wanneer Jehudi drie of vier kolomme klaar gelees het, het die koning dit met 'n skrywersmes afgesny en op die vuur in die kolebak gegooi. Hy het so gemaak tot die hele boekrol in die vuur was.

²⁴Die koning en al sy amptenare wat hierdie dinge gehoor het, het nie bang geword en hulle klere geskeur nie.

²⁵Selfs toe Elnatan en Delaja en Gemarja by die koning daarop aangedring het om nie die boekrol te verbrand nie, het hy nie na hulle geluister nie.

²⁶Toe beveel hy sy seun Jeragmeël en vir Seraja seun van Asriël en vir Selemja seun van Abdeël om die skrywer Baruk en die profeet Jeremia te arresteer. Maar die Here het hulle weggesteek.

²⁷Nadat die koning die boekrol verbrand het met alles daarop wat Jeremia vir Baruk gedikteer het om te skryf, het die woord van die Here tot Jeremia gekom:

²⁸Vat vir jou 'n ander boekrol en skryf daarop al die woorde van die vorige rol wat deur koning Jojakim van Juda verbrand is.

²⁹Jy moet vir koning Jojakim van Juda sê: So sê die Here: Jy het die boekrol verbrand en gevra: “Waarom het Jeremia daarop geskryf die koning van Babel sal kom en hierdie land verwoes en sy mense en diere in ballingskap wegvat?”

³⁰Daarom, so sê die Here oor koning Jojakim van Juda, sal sy nageslag nie op die troon van Dawid sit nie. Jojakim se lyk sal weggegooi word en oordag in die son lê en snags in die koue.

³¹Ek sal hom en sy kinders en sy amptenare straf oor hulle sonde. Ek sal oor hulle en oor die inwoners van Jerusalem en oor die mense van Juda al die rampe bring waarvan Ek gepraat het. Hulle het mos nie geluister nie.

³²Jeremia het toe 'n ander boekrol gevat en vir die skrywer Baruk seun van Nerija gegee en vir hom gedikteer. Baruk het daarop alles geskryf wat op die boekrol gestaan het wat deur koning Jojakim van Juda verbrand is. Baruk het nog baie meer woorde soos daardie op die boekrol geskryf.

Jeremia 37

Die Babiloniërs sál Jerusalem verbrand

¹Sedekia seun van Josia het vir Jojagin seun van Jojakim wat deur koning Nebukadnesar van Babel as koning van Juda aangestel is, as koning opgevolg.

²Sedekia en sy amptenare en die landsburgers het nie geluister na wat die Here vir hulle gesê het deur die profeet Jeremia nie.

³Koning Sedekia het vir Jukal seun van Selemja saam met die priester Sefanja seun van Maäseja na die profeet Jeremia toe gestuur om te vra: “Bid tog vir ons tot die Here ons God.”

⁴Jeremia kon vrylik tussen die volk rondbeweeg, want hy was toe nog nie in die tronk gesit nie.

⁵Die leër van die farao het uit Egipte vertrek, en toe die Galdeërs deur wie Jerusalem beleër is, dit hoor, het hulle van Jerusalem af weggetrek.

⁶Die woord van die Here het tot die profeet Jeremia gekom:

⁷So sê die Here die God van Israel: Julle moet vir die koning van Juda deur wie julle na My toe gestuur is om My te raadpleeg, sê: Pasop! Die farao se leër wat vertrek het om julle te kom help, sal terugtrek na sy land Egipte toe.

⁸Die Galdeërs sal omdraai en teen hierdie stad kom veg en dit inneem en verbrand.

⁹So sê die Here: Julle moet julle nie mislei en dink die Galdeërs het beslis van ons af padgegee nie. Hulle gee nie pad nie,

¹⁰en selfs al sal julle die leër van die Galdeërs verslaan wat teen julle kom veg, en daar bly net swaar gewondes in hulle tente oor, sal hulle kom en hierdie stad verbrand.

Jeremia word in die tronk gesit

¹¹Nadat die leër van die Galdeërs van Jerusalem af padgegee het uit vrees vir die leër van die farao,

¹²wou Jeremia uit Jerusalem gaan op pad na die gebied van Benjamin toe om sy erfgrond in ontvangs te neem by die mense daar.

¹³Toe Jeremia by die Benjaminpoort uit Jerusalem wou uitgaan, het die wagte se leier, Jirija seun van Selemja, seun van Gananja, die profeet Jeremia gevange geneem en gesê: “Jy loop oor na die Galdeërs toe.”

¹⁴Maar Jeremia het vir hom gesê: “Dis 'n leuen! Ek loop nie oor na die Galdeërs toe nie.” Maar Jirija wou nie na hom luister nie en het hom gevange geneem en na die koning se amptenare toe gebring.

¹⁵Hulle was kwaad vir Jeremia en het hom geslaan en toe in die staatsekretaris Jonatan se huis wat in 'n tronk verander is, in die tronk gesit.

¹⁶Daar is Jeremia in 'n put met sytonnels gesit waar hy lank gebly het.

¹⁷Later het koning Sedekia hom laat haal en in die geheim in die paleis vir hom gevra: “Is daar 'n woord van die Here af? ” Jeremia het hom geantwoord: “Daar is. Jy sal in die mag van die koning van Babel uitgelewer word.”

¹⁸Toe vra Jeremia vir koning Sedekia: “Watter misdaad het ek teen u gepleeg, of teen u amptenare of teen hierdie volk dat julle my in die tronk gesit het?

¹⁹Waar is die profete wat vir julle as profete opgetree het en gesê het die koning van Babel sal nie teen julle en teen hierdie land kom oorlog maak nie?

²⁰Maar luister tog nou na my, U Majesteit die Koning, dat ek my versoek tot u kan rig: Moet my tog nie terugstuur na die huis van die staatsekretaris Jonatan toe nie. Ek wil nie daar sterf nie! ”

²¹Koning Sedekia het toe beveel dat hulle vir Jeremia moet aanhou in die binneplaas van die paleiswag en elke dag vir hom brood moet gee uit Bakkerstraat totdat die stad se brood op was. Jeremia het toe in die binneplaas van die paleiswag gebly.

Jeremia 38

Jeremia word weer in 'n put gesit

¹Sefatja seun van Mattan, Gedalja seun van Pasgur, Jukal seun van Selemja, en Pasgur seun van Malkija het gehoor wat Jeremia vir die hele volk sê, toe hy vir hulle gesê het:

²So sê die Here: Elkeen wat in hierdie stad woon, sal deur oorlog of deur hongersnood of deur pes omkom, maar elkeen wat oorloop na die Galdeërs toe, sal lewe. Hy sal sy lewe red, al sal hy net met sy lewe daarvan afkom.

³Die Here het verder gesê: Hierdie stad sal beslis in die mag van die koning van Babel oorgegee word en hy sal dit inneem.

⁴Die koning se amptenare het vir hom gesê: “Hierdie man moet doodgemaak word, want hy maak die soldate wat nog in die stad oor is en die hele volk moedeloos deur so met hulle te praat. Hierdie man wil nie die volk help nie, hy wil hulle benadeel.”

⁵Toe sê koning Sedekia vir sy amptenare: “Hy is in julle mag, ek kan julle nie keer nie.”

⁶Hulle vat toe vir Jeremia en gooi hom in die koning se seun Malkija se put in die binneplaas van die paleiswag. Hulle het vir Jeremia met toue laat afsak in die put waarin nie water was nie, net modder, en hy het in die modder ingesak.

⁷Maar Ebed-Melek, 'n Kussiet wat ontman was en in die paleis gewerk het, het gehoor dat Jeremia in die put gesit is. Die koning het toe in die Benjaminpoort gesit,

⁸en Ebed-Melek het uit die paleis uit na die koning toe gegaan en vir hom gesê:

⁹“U Majesteit die Koning, die mense het die profeet Jeremia sleg behandel: hulle het hom in 'n put gegooi en hy sal daar van honger omkom, want daar is nie meer brood in die stad nie.”

¹⁰Die koning het toe die Kussiet Ebed-Melek beveel: “Vat drie man van hier af saam en trek die profeet Jeremia op uit die put voordat hy sterf.”

¹¹Ebed-Melek het toe drie man saamgevat en hy is na die paleis se klerekas toe waar hy stukke klere, vodde, gevat het. Hy het dit na Jeremia toe in die put laat afsak met toue

¹²en vir hom gesê: “Sit die stukkende klere, die vodde, onder jou armholtes onder die toue.” Jeremia het dit gedoen

¹³en hulle het hom met die toue uit die put getrek. Daarna het hy in die binneplaas van die paleiswag gebly.

Sedekia vra raad by Jeremia

¹⁴Koning Sedekia het die profeet Jeremia na hom toe laat haal. Die koning het by die derde ingang van die huis van die Here gesit en vir Jeremia gesê: “Ek wil jou iets vra, maar jy moet my die waarheid vertel.”

¹⁵Maar Jeremia het koning Sedekia geantwoord: “As ek dit doen, sal u my beslis doodmaak, en as ek u raad gee, sal u nie na my luister nie.”

¹⁶Sedekia het toe in die geheim 'n eed afgelê en vir Jeremia gesê: “So seker as die Here leef, Hy wat die lewe aan ons gee, ek sal jou nie doodmaak nie en ek sal jou ook nie uitlewer aan die mense wat jou wil doodmaak nie.”

¹⁷Jeremia het vir Sedekia gesê: “So sê die Here die almagtige God, die God van Israel: As jy uitgaan na die koning van Babel se offisiere toe, sal jy jou lewe red en hierdie stad sal nie verbrand word nie. Jy en jou familie sal bly lewe.

¹⁸Maar as jy nie na die koning van Babel se offisiere toe uitgaan nie, sal hierdie stad oorgegee word in die mag van die Galdeërs en hulle sal dit verbrand. Dan sal jy nie uit hulle mag vrykom nie.”

¹⁹Koning Sedekia het vir Jeremia geantwoord: “Ek is bang vir ons volksgenote wat na die Galdeërs toe oorgeloop het. Die Galdeërs kan my dalk aan daardie volksgenote uitlewer, en hulle kan my dalk aanrand.”

²⁰Maar Jeremia het vir die koning gesê: “U sal nie uitgelewer word nie. Luister tog na die woord van die Here soos ek dit vir u meegedeel het. Dan sal dit goed gaan met u, en u lewe sal gespaar bly.

²¹Maar as u weier om uit te gaan, dit is wat die Here my laat sien het:

²²al die vrouens wat nog oor is in die koning van Juda se paleis, sal uitgelei word na die koning van Babel se offisiere toe, en hulle sal sê: “ ‘Die koning van Israel se beste vriende het hom mislei, hulle het hom omgepraat; hulle het hom van die wal af in die sloot gehelp en hom toe in die steek gelaat.’

²³“Al u vrouens en al u seuns sal uitgelei word na die Galdeërs toe en u sal nie uit hulle mag vrykom nie, want u sal deur die koning van Babel self gevange geneem word, en hierdie stad sal afgebrand word.”

²⁴Sedekia het vir Jeremia gesê: “Niemand moet van hierdie gesprek weet nie. Dan sal jy nie doodgemaak word nie.

²⁵As my amptenare uitvind dat ek met jou gepraat het en hulle kom sê vir jou: ‘Vertel vir ons wat jy en die koning gepraat het, moenie iets vir ons wegsteek nie, ons sal jou nie doodmaak nie. Wat het die koning vir jou gesê? ’

²⁶moet jy vir hulle sê: Ek het by die koning kom pleit om my nie weer in die huis van Jonatan te sit om daar te sterf nie.”

²⁷Die amptenare het toe ook na Jeremia toe gekom en hom uitgevra, maar hy het vir hulle gesê net soos die koning hom beveel het. Hulle het vir Jeremia toe met rus gelaat, want hulle kon niks uitvind nie.

²⁸Jeremia het in die binneplaas van die paleiswag gebly totdat Jerusalem ingeneem is.

Die val van Jerusalem

Jerusalem is so ingeneem:

Jeremia 39

¹In die tiende maand van die negende jaar van koning Sedekia van Juda het koning Nebukadnesar van Babel met sy hele leër na Jerusalem toe gekom en dit beleër.

²Op die negende van die vierde maand van die elfde jaar van koning Sedekia is die stadsmuur oopgebreek.

³Die koning van Babel se offisiere, Nergal-Sareser uit Sinmagir, hoof van die strydswamag, Nebu-Sarsekim die hoofamptenaar en al die ander offisiere van die koning van Babel het in die stad ingekom en by die Middelpoort gaan sit.

⁴Toe koning Sedekia van Juda en al sy soldate sien wat gebeur, het hulle op die vlug geslaan en in die nag met 'n pad deur die Koningstuin by die hek tussen die twee mure uitgegaan en met die pad na die Jordaanvallei toe probeer wegkom.

⁵Maar die leër van die Galdeërs het hulle agtervolg en vir Sedekia in die Jerigovlakte ingehaal en gevang. Hulle het hom na Nebukadnesar toe in Ribla in Hamat gebring en daar het hy Sedekia se vonnis uitgespreek.

⁶Die koning van Babel het die seuns van Sedekia voor sy oë doodgemaak in Ribla. Die koning van Babel het ook al die vername mense van Juda doodgemaak.

⁷Hy het Sedekia se oë uitgesteek en hom met bronskettings geboei om hom na Babel toe te vat.

⁸Die Galdeërs het die paleis en die huise van die volk afgebrand en die mure van Jerusalem platgeslaan.

⁹Nebusaradan, die hoof van die koning van Babel se lyfwag, het dié van die volk wat in die stad oorgebly het en dié wat na hom toe oorgeloop het, die hele volk wat nog oor was, in ballingskap weggevoer na Babel toe.

¹⁰Maar hy het die arm mense, dié uit die volk wat niks besit het nie, in Juda laat bly en daardie dag die wingerde en die lande aan hulle gegee.

¹¹Koning Nebukadnesar van Babel het vir Nebusaradan die hoof van die lyfwag beveel:

¹²“Vang vir Jeremia, kyk goed na hom, moet hom nie kwaad aandoen nie en doen vir hom wat hy vir jou sê.”

¹³Nebusaradan die hoof van die lyfwag het toe vir Nebusasban die hoofamptenaar, en vir Nergal-Sareser die hoof van die strydswag, en al die offisiere van die koning van Babel gestuur

¹⁴en hulle het vir Jeremia uit die binneplaas van die paleiswag gebring en hom aan Gedalja seun van Agikam, seun van Safan, oorhandig om hom huis toe te vat. Jeremia het daar tussen die volk gewoon.

¹⁵Die woord van die Here het tot Jeremia gekom terwyl hy nog 'n gevangene was in die binneplaas van die paleiswag:

¹⁶Gaan sê vir die Kussiet Ebed-Melek: So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Wat Ek oor hierdie stad bring, is tot sy ondergang, nie tot sy redding nie. En jy sal dit sien as dit gebeur.

¹⁷Maar daardie dag sal Ek jou red, sê die Here, en jy sal nie uitgelewer word aan die mense vir wie jy bang is nie.

¹⁸Ek sal jou laat ontkom, jy sal nie in die oorlog sneuwel nie. Omdat jy op My vertrou het, sal jy ontsnap, al sal jy net met jou lewe daarvan afkom, sê die Here.

Jeremia 40

Jeremia word vrygelaat

¹Die woord wat van die Here af tot Jeremia gekom het nadat die hoof van die lyfwag Nebusaradan hom in Rama vrygelaat het. Nebusaradan het vir Jeremia laat uithaal tussen die gevangenes van Jerusalem en Juda wat as ballinge op pad was na Babel toe. Jeremia was met kettings geboei.

²Die hoof van die lyfwag het vir Jeremia laat haal en vir hom gesê: “Die Here jou God het gesê hierdie ramp sal oor hierdie plek kom,

³en Hy het dit laat gebeur soos Hy gesê het. Omdat julle gesondig het en ongehoorsaam was aan Hom, daarom het dié ramp julle getref.

⁴Maar ek gaan nou die kettings aan jou hande losmaak. As jy wil, kom saam met my na Babel toe, ek sal vir jou sorg. As jy nie met my wil saamkom Babel toe nie, ook goed. Die hele land is tot jou beskikking. Jy kan gaan waar jy dit goedvind, waar dit jou pas.”

⁵Nog voordat Jeremia kon antwoord, het Nebusaradan verder gesê: “Of gaan na Gedalja toe, seun van Agikam seun van Safan, wat deur die koning van Babel in bevel geplaas is van die stede van Juda. Bly by hom tussen jou mense, of gaan waar dit jou ook al pas.” Die hoof van die lyfwag het vir Jeremia kos en geskenke gegee en hom laat gaan.

⁶Jeremia is toe na Gedalja seun van Agikam toe in Mispa. Hy het daar by hom gaan bly tussen die mense wat in die land oor was.

Die moord op Gedalja

(Vgl. 2 Kon. 25:22-26)

⁷Die bevelhebbers van die Israelitiese soldate wat nog in die veld was en hulle manskappe het gehoor dat die koning van Babel vir Gedalja seun van Agikam in bevel van die land geplaas het en dat hy die mans, vrouens en kinders wat

van die armstes in die land was en wat nie na Babel toe verban is nie, aan Gedalja se sorg toevertrou het.

⁸Die bevelhebbers en hulle manskappe is toe ook na Gedalja toe in Mispa. Onder hulle was Ismael seun van Netanja, Joganen en Jonatan seuns van Kareag, Seraja seun van Tangumet, die seuns van Efai uit Netofa, en Jaäsanja seun van iemand uit Maäka, hulle met hulle manskappe.

⁹Gedalja seun van Agikam, seun van Safan, het die manne met 'n eed die versekering gegee dat hulle nie bang hoef te wees om hulle aan die Galdeërs te onderwerp nie: “Bly in die land en onderwerp julle aan die koning van Babel, dit sal goed gaan met julle.

¹⁰Ek gaan hier in Mispa bly om tot beskikking te wees van die Galdeërs wat hier na ons toe kom. Julle kan wyn, vrugte en olie bymekaarmaak en bêre en in die dorpe gaan woon wat julle beset.”

¹¹Al die Judeërs wat in Moab en tussen die Ammoniete en in Edom en in ander lande was, het gehoor dat die koning van Babel party mense in Juda laat bly het en dat hy vir Gedalja seun van Agikam, seun van Safan, in bevel geplaas het oor hulle.

¹²Al dié Judeërs het toe uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is, teruggekom na Juda toe en hulle het na Gedalja toe gegaan in Mispa. Hulle het 'n baie groot wyn- en vrugteoes ingesamel.

¹³Joganen seun van Kareag en al die bevelhebbers van die soldate wat nog in die veld was, het na Gedalja toe gekom in Mispa

¹⁴en vir hom gevra: “Weet jy dat koning Baälis van die Ammoniete vir Ismael seun van Netanja opdrag gegee het om jou te vermoor? ” Maar Gedalja seun van Agikam het hulle nie geglo nie.

¹⁵Joganen seun van Kareag het in die geheim aan Gedalja in Mispa 'n plan voorgelê: “Laat ek vir Ismael seun van Netanja gaan doodmaak. Niemand sal weet dat jy iets daarmee te doen het nie. Waarom moet hy jou kom vermoor

en moet al die Judeërs wat om jou versamel het, uitmekaargejaag word en waarom moet wat daar nog van Juda oor is, tot niet gaan? ”

¹⁶Maar Gedalja seun van Agikam het vir Joganen seun van Kareag gesê: “Jy doen dit nie! Dit is nie waar wat jy oor Ismael sê nie! ”

Jeremia 41

¹Ismael seun van Netanja, seun van Elisama, was uit die koninklike geslag en was een van die hoofamptenare van koning Sedekia. Hy en tien man het in die sewende maand na Gedalja seun van Agikam toe gekom in Mispa, en terwyl hulle daar saam geëet het,

²het Ismael seun van Netanja en die tien man wat by hom was, opgespring en vir Gedalja seun van Agikam, seun van Safan, doodgemaak. Gedalja was die man wat deur die koning van Babel in bevel van die land geplaas is.

³Ismael het ook al die Judeërs wat by Gedalja in Mispa was en die Galdese soldate wat daar was, doodgemaak.

Nog moorde deur Ismael

⁴Die dag ná die moord op Gedalja, toe niemand nog daarvan wis nie,

⁵kom daar tagtig mans uit Sigem, Silo en Samaria aan. Hulle baarde was afgeskeer, hulle klere geskeur en hulle was vol wonde wat hulle hulleself toegedien het. Hulle het graanoffers en wierook by hulle gehad wat hulle na die huis van die Here toe wou bring.

⁶Ismael seun van Netanja het hulle huil-huil uit Mispa tegemoet gegaan, en toe hy by hulle kom, sê hy vir hulle: “Kom saam na Gedalja seun van Agikam toe!”

⁷Maar toe hulle binne in die stad is, het Ismael seun van Netanja, hy en die manne wat by hom was, sewentig van die mans doodgemaak en in 'n put gegooi.

⁸Die ander tien mans het vir Ismael gesê: “Moet ons nie doodmaak nie, ons het koring en gars en olie en heuning wat in die veld weggesteek is!” Hy het hulle toe laat staan en hulle nie saam met hulle vriende doodgemaak nie.

⁹Die put waarin Ismael die lyke gegooi het van die mans wat hy doodgemaak het, was dié een wat deur koning Asa gegrawe is toe hy deur koning Baesa van Israel beleër is. Ismael seun van Netanja het die put vol lyke gemaak.

Die bevryding van die mense wat deur Ismael weggevoer is

¹⁰Daarna het Ismael al die mense gevange geneem wat nog in Mispa oor was, die prinsesse en al die ander mense wat in Mispa oor was en wat deur die hoof van die lyfwag Nebusaradan onder die sorg van Gedalja seun van Agikam geplaas was. Ismael seun van Netanja het hulle gevange geneem en vertrek om na die Ammoniete toe te gaan.

¹¹Toe Joganen seun van Kareag, en al die bevelhebbers van die soldate wat by hom was, hoor van al die gruweldade wat Ismael seun van Netanja begaan het,

¹²het hulle al hulle manskappe gevat en vertrek om vir Ismael seun van Netanja aan te val. Hulle het hom by die groot dam in Gibeon gekry.

¹³⁻¹⁴Al die mense by Ismael, die mense wat hy gevange uit Mispa weggevoer het, was bly toe hulle vir Joganen seun van Kareag en al die leëraanvoerders by hom sien. Hulle het omgedraai en teruggekom na Joganen seun van Kareag toe.

¹⁵Maar Ismael seun van Netanja het met ag man weggekom van Joganen af en is na die Ammoniete toe.

¹⁶Joganen seun van Kareag en al die leëraanvoerders by hom het al die mense saamgeneem wat oor was, al die mans, die soldate, die vrouens, kinders en ontmandes wat hy by Gibeon bevry het en wat deur Ismael seun van Netanja weggevoer was uit Mispa nadat hy vir Gedalja seun van Agikam vermoor het.

¹⁷Joganen-hulle het vertrek en by Gerut-Kimham naby Betlehem oorgebly met die bedoeling om na Egipte toe te gaan,

¹⁸weg van die Galdeërs af. Hulle was bang vir die Galdeërs omdat Ismael seun van Netanja vir Gedalja seun van Agikam vermoor het, die man wat deur die koning van Babel in bevel van die land geplaas was.

Jeremia 42

Die Here waarsku die oorgeblewe Judeërs om nie te vlug nie

¹Al die leëraanvoerders, Joganen seun van Kareag, Asarja seun van Hosaja, al die mense, klein en groot, het na die profeet Jeremia toe gekom

²en vir hom gevra: “Doen tog asseblief wat ons vra, bid vir ons tot die Here jou God, vir ons almal wat oorgebly het. Soos jy ons hier sien, is ons die klompie wat oor is uit baie.

³Bid tog dat die Here jou God aan ons bekend maak waarheen ons moet gaan en wat ons moet doen.”

⁴Die profeet Jeremia het vir hulle gesê: “Ek het gehoor. Ek sal tot die Here julle God bid soos julle gevra het. Ek sal alles wat die Here vir julle wil sê, aan julle oordra. Ek sal niks vir julle wegsteek nie.”

⁵Hulle sê toe vir Jeremia: “Die Here self sal die betroubare en geloofwaardige getuie teen ons wees as ons nie alles doen wat die Here jou God jou opdra om vir ons te sê nie.

⁶Of dit nou goed of sleg vir ons is, ons sal gehoorsaam wees aan die Here ons God na wie toe ons jou stuur, sodat dit met ons goed sal gaan. Ons sal gehoorsaam wees aan die Here ons God.”

⁷Tien dae later het die woord van die Here tot Jeremia gekom.

⁸Hy het Joganen seun van Kareag, al die leëraanvoerders by hom en al die ander mense, klein en groot, geroep

⁹en vir hulle gesê: So sê die Here die God van Israel na wie toe julle my gestuur het om julle versoek aan Hom voor te lê:

¹⁰As julle in hierdie land bly, sal Ek julle bou en julle nie plat slaan nie, julle vestig en julle nie afbreek nie. Ek sal die ramp wat Ek oor julle gebring het, nie verder voer nie.

¹¹Moenie so bang wees vir die koning van Babel nie, moenie vir hom bang wees nie, sê die Here, want Ek is by julle om julle te red en julle uit sy mag te bevry.

¹²Ek sal julle genadig wees, en daarom sal hy julle genadig wees en julle na julle land toe laat teruggaan.

¹³Maar as julle die Here julle God nie wil gehoorsaam nie, as julle sê julle wil nie in hierdie land bly nie,

¹⁴as julle sê: “Nee, ons wil Egipte toe waar ons nie oorlog sal sien nie, nie die ramshoring sal hoor blaas om te gaan veg nie en nie honger sal ly nie, ons wil daar gaan bly”

¹⁵hoor dan die woord van die Here, julle wat van Juda oor is! So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: As julle vas besluit het om Egipte toe te gaan en julle gaan woon daar,

¹⁶sal die oorlog waarvoor julle bang is, julle daar in Egipte inhaal, en die hongersnood wat julle vrees, sal julle daarheen volg, en julle sal daar sterf.

¹⁷Ja, almal wat vasbeslote is om na Egipte toe te gaan en daar te woon, sal sterf deur oorlog, deur hongersnood en deur pes. Nie een van hulle sal vrykom en die rampe ontsnap wat Ek oor hulle sal bring nie.

¹⁸Ja, so sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Soos my toorn en my gramskap uitgestort is oor die inwoners van Jerusalem, so sal my toorn oor julle uitgestort word as julle na Egipte toe gaan. Julle name sal gebruik word wanneer mense ander wil vervloek, wil bang maak, iets slegs wil toewens of wil verneder, en julle sal hierdie plek nooit weer sien nie.

¹⁹Die Here het vir julle gesê, julle wat van Juda oor is: Moenie na Egipte toe gaan nie! Toe sê Jeremia vir hulle: “Weet vir seker, ek waarsku julle vandag,

²⁰julle maak 'n fout! Julle lewe is op die spel. Julle het my na die Here julle God toe gestuur en gevra: ‘Bid vir ons tot die Here ons God, sê vir ons alles wat die Here ons God sê, ons sal dit doen.’

²¹Maar nou dat ek vandag vir julle gesê het wat Hy sê, is julle ongehoorsaam aan die Here julle God, aan alles wat Hy my opgedra het om vir julle te sê.

²²Weet nou verseker dat julle deur oorlog, deur hongersnood en deur pes sal sterf op die plek waar julle so graag wil gaan woon.”

Jeremia 43

Die vlug na Egipte toe

¹Maar toe Jeremia klaar vir al die mense alles gesê het wat die Here hulle God gesê het en wat Hy vir hulle laat weet het, al hierdie woorde,

²het Asarja seun van Hosaja, en Joganan seun van Kareag, en al die ander hooghartige manne, vir Jeremia gesê: “Jy lieg! Die Here ons God het jou nie beveel om vir ons te sê ons moenie na Egipte toe gaan om daar te gaan woon nie.

³Dit is Baruk seun van Nerija wat jou teen ons opstook om ons in die mag van die Galdeërs te laat beland sodat hulle ons kan doodmaak of ons na Babel toe kan verban! ”

⁴Joganan seun van Kareag, die leëraanvoerders en die manskappe wou nie een die Here gehoorsaam en in Juda bly nie.

⁵Hulle het almal saamgevat wat van Juda oor was, wat van oral waar hulle onder die ander nasies verstrooi was, teruggekom het om in Juda te bly,

⁶mans, vrouens en kinders, en ook die prinsesse en al die ander wat deur die hoof van die lyfwag Nebusaradan onder die sorg van Gedalja seun van Agikam, seun van Safan, geplaas was, ook die profeet Jeremia en Baruk seun van Nerija.

⁷Joganan-hulle het die Here nie gehoorsaam nie en is na Egipte toe. Daar het hulle in Tagpanges aangekom.

Nebukadnesar sal Egipte verower

⁸Die woord van die Here het in Tagpanges tot Jeremia gekom:

⁹Vat groot klippe en begrawe hulle in die grond, in die kleivloer van die ingang na die farao se paleis in Tagpanges. Doen dit terwyl van die Judeërs jou sien.

¹⁰Dan moet jy vir hulle sê: So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ek laat my dienaar koning Nebukadnesar van Babel haal en Ek sit sy troon bo-oor dié klippe wat Ek laat begrawe het en Ek span sy troonhemel daaroor.

¹¹Nebukadnesar sal kom en Egipte verslaan. Wie aan pes moet sterf, sal aan pes sterf; wie as gevangene weggevoer moet word, sal as gevangene weggevoer word; wie met die swaard doodgemaak moet word, sal met die swaard doodgemaak word.

¹²Ek sal die tempels van Egipte afbrand en Nebukadnesar sal die gode verbrand of hulle as buit saamvat. Hy sal Egipte so skoon stroop soos wanneer 'n skaapwagter luise soek in sy klere, en daarna sal hy ongehinderd vertrek.

¹³Hy sal die klippilare in Bet-Semes stukkend slaan, Bet-Semes in Egipte, en hy sal die tempels van Egipte afbrand.

Jeremia 44

Die straf op die Judeërs in Egipte

¹Die woord van die Here wat gekom het tot Jeremia vir al die Judeërs wat in Egipte gewoon het, in Migdol, in Tagpanges, in Memfis en in die Patrosstreek:

²So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Julle het gesien watter rampe Ek alles oor Jerusalem en al die stede van Juda gebring het; hulle is vandag puinhoop en daar woon niemand in hulle nie.

³Dit het gebeur omdat julle en julle voorvaders gesondig het en My in my eer gekrenk het toe julle vir ander gode wierookoffers gebring en hulle gedien het, gode van wie julle nie voorheen geweet het nie.

⁴Ek het my dienaars die profete almal na julle toe gestuur, vroeg en laat, en vir julle gesê: Moenie die afskuwelike dinge doen nie. Ek haat dit.

⁵Maar julle het nie geluister nie, nie gehoor gegee en julle van julle sonde bekeer en opgehou om wierookoffers vir ander gode te bring nie.

⁶Daarom het my gramskap en my toorn ontvlam. Dit het gebrand in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem, en die stede het puinhoop geword, verlate soos hulle vandag is.

⁷So sê die Here die almagtige God, die God van Israel: Waarom bring julle die groot ramp oor julleself, oor elke man en vrou, elke kind en suigling uit Juda, sodat daar niks van julle oor is nie?

⁸Julle tart My met wat julle doen, julle offer aan ander gode hier in Egipte waar julle kom woon het. So roei julle julleself uit en sal die mense op die hele aarde julle name as voorbeelde gebruik wanneer hulle mekaar iets slegs wil toewens of wil verneder.

⁹Het julle vergeet van die sonde wat julle voorvaders en die konings van Juda en hulle vrouens gedoen het en wat julle self en julle vrouens gedoen het in Juda en op die strate van Jerusalem?

¹⁰Julle het tot vandag toe nie berou daaroor nie, julle het nog nie eerbied vir My nie, julle leef nog nie volgens my wet en my voorskrifte wat Ek vir julle en julle voorvaders gegee het nie.

¹¹Daarom, so sê die Here die Almagtige, die God van Israel, gaan Ek julle swaar straf en die hele Juda uitroei.

¹²Ek gaan dié wat van Juda oor is en wat besluit het om hier in Egipte te kom woon, heeltemal vernietig. Julle sal almal deur die oorlog en deur hongersnood afgemaai word in Egipte. Van klein tot groot sal sterf deur oorlog en deur hongersnood. Julle name sal gebruik word wanneer mense ander wil vervloek, wil bang maak, iets slegs wil toewens of wil verneder.

¹³Ek sal dié wat in Egipte woon, straf soos Ek dié in Jerusalem gestraf het: met oorlog, met hongersnood, met pes.

¹⁴Daar sal nie een vrykom van dié wat van Juda oor is en wat in Egipte gaan woon het nie, nie een om na Juda toe terug te gaan nie, hoe hulle ook daarna verlang om terug te gaan en daar te gaan woon. Hulle sal nie teruggaan nie, nie vrykom nie.

¹⁵Die mans, wat almal geweet het dat hulle vrouens vir ander gode offer, en al die vrouens wat teenwoordig was, 'n hele menigte, trouens, almal wat daar in Egipte in Patros gewoon het, het toe vir Jeremia gesê:

¹⁶“Ons gaan nie luister na wat jy vir ons sê in die Naam van die Here nie.

¹⁷Ons sal bly doen wat ons beloof het: ons sal vir die hemelkoningin wierookoffers bring en drankoffers uitgiet net soos ons, ons voorvaders, ons konings en ons amptenare in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gedoen het. Ons het daardie tyd genoeg te eet gehad, ons was voorspoedig, en geen ramp het ons getref nie.

¹⁸Dit is vandat ons opgehou het om vir die hemelkoningin wierookoffers te bring en drankoffers uit te giet dat ons aan alles gebrek het en dat ons sterf deur oorlog en deur hongersnood.”

¹⁹Die vrouens het bygevoeg: “Dink jy ons het sonder die medewete van ons mans vir die hemelkoningin wierookoffers gebring en drankoffers uitgegiet en vir haar offerkoekies gebak wat soos sy lyk? ”

²⁰Toe sê Jeremia vir al die mense, vir die mans en die vrouens, vir almal wat hom so geantwoord het:

²¹“Het die Here nie juis gedink aan die wierookoffers wat julle in die stede van Juda en op die strate van Jerusalem gebring het nie, julle en julle voorvaders, julle konings en julle amptenare, het Hy nie juis dít in ag geneem nie?

²²Hy kon julle gruweldade, die afskuwelike dinge wat julle gedoen het, nie langer verdra nie. Daarom het julle land 'n puinhoop geword, iets wat mense met afgryse vervul en wat as voorbeeld genoem word wanneer mense ander iets slegs toewens, 'n land sonder inwoner, soos dit vandag is.

²³Dit is omdat julle die wierookoffers gebring het en teen die Here gesondig het, omdat julle ongehoorsaam was aan die Here en nie geleef het volgens sy wet, sy voorskrifte en sy verordeninge nie, dat die ramp julle getref het soos dit vandag is! ”

²⁴Jeremia het verder vir al die mense, ook vir al die vrouens, gesê: Hoor die woord van die Here, alle Judeërs in Egipte!

²⁵So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Julle en julle vrouens het gedoen wat julle beloof het. Julle het gesê julle sal bly by julle belofte om vir

die hemelkoningin wierookoffers en drankoffers te bring. Hou by julle belofte, hou daarby, doen wat julle beloof het, doen dit!

²⁶Maar hoor die woord van die Here, alle Judeërs wat in Egipte woon: Ek lê 'n eed af by my groot Naam: Nooit sal my Naam weer deur 'n enkele Judeër genoem word nie, niemand van julle almal in Egipte sal weer sê: “So seker as die Here my God leef” nie.

²⁷Ek sal noulettend na julle kyk, ten kwade, nie ten goede nie, en elke Judeër in Egipte sal omgebring word: deur oorlog, deur hongersnood, totdat daar niemand oor is nie.

²⁸Dié wat aan die oorlog ontkom en uit Egipte na Juda toe terugkom, sal min wees. Almal wat van Juda oor is en in Egipte kom woon het, sal tot die besef kom wie se woord bly staan, Myne of hulle s'n.

²⁹Ek sal vir julle 'n teken gee dat Ek julle gaan straf in hierdie plek, sê die Here, straf sodat julle sal besef dat my woorde vasstaan, julle ten kwade.

³⁰So sê die Here: Ek gaan die farao, koning Gofra van Egipte, oorgee in die mag van sy vyande, in die mag van dié wat sy lewe soek, net soos Ek vir koning Sedekia van Juda oorgegee het in die mag van sy vyand, die man wat sy lewe gesoek het, koning Nebukadnesar van Babel.

Jeremia 45

Ek sal jou jou lewe laat behou

¹'n Woord van die profeet Jeremia aan Baruk seun van Nerija, toe Baruk opgeteken het wat Jeremia vir hom gedikteer het. Dit was in die vierde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia.

²So sê die Here die God van Israel oor jou, Baruk:

³Jy sê dit is klaar met jou, die Here het nog meer lyding by jou smart gevoeg, jy is al uitgeput van kla, jy kry nie rus nie?

⁴Die Here sê ek moet vir jou sê: So sê die Here: Wat Ek gebou het, slaan Ek plat; wat Ek geplant het, ruk Ek uit. Dit het gebeur met 'n hele land.

⁵En jy soek roem vir jouself? Moet dit nie soek nie! Ek gaan 'n ramp oor alle mense bring, sê die Here. Tog sal Ek jou jou lewe laat behou waar jy ook gaan, al sal jy net met jou lewe daarvan afkom.

Jeremia 46

Teen die leërmag van die farao

¹'n Woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het. Dit handel oor die ander nasies.

²Oor Egipte. Teen die leërmag van die farao, koning Neko van Egipte, wat in Karkemis aan die Eufraat is waar hy deur koning Nebukadnesar van Babel verslaan is; dit het gebeur in die vierde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda, seun van Josia.

³Hou reg die skilde, klein en groot, ruk op vir die oorlog!

⁴Span in die perde, klim op die ryperde, tree aan met helms op, vryf die spiese blink, trek harnasse aan!

⁵Hoe is dit dan dat Ek hulle sien skrik en terugval? Hulle soldate word uitmekaargejaag, hulle slaan op die vlug en draai nie weer om nie; daar is paniek aan alle kante! sê die Here.

⁶Selfs nie die vinniges kan wegkom nie, die soldate kom nie vry nie. Daar in die noorde, op die oewer van die Eufraatrivier, val hulle, slaan hulle neer.

⁷Wie is dit wat daar soos die Nyl oor sy walle stroom, wat soos die groot rivier brul?

⁸Egipte stroom oor sy walle soos die Nyl, hy brul soos die groot rivier en sê: "Ek sal oor my walle stroom en die aarde bedek, ek sal stede wegvee saam met hulle inwoners."

⁹Spring, perde! Storm voort, strydwaens! Trek op, soldate uit Kus en Put, met skilde gewapen, trek op, boogskutters uit Lud!

¹⁰Dié dag behoort aan die Here, die Here die Almagtige. Dit is 'n dag van wraak waarop Hy Hom op sy vyande gaan wreek. Die swaard sal oorgenoeg kry, hy

sal dronk word van hulle bloed: daar is 'n offerfees vir die Here, vir die Here die Almagtige, daar in die noordland, op die oewer van die Eufraat.

¹¹Gaan na Gilead toe, Egipte, gaan haal balsem; jou baie medisynes help nie, jy word nie gesond nie.

¹²Die ander nasies hoor van jou vernedering, jou smartkrete vul die aarde. Soldaat na soldaat het geval, die een het met die ander saam gesneuwel.

Daar wag 'n neerlaag vir Egipte

¹³'n Woord wat deur die Here aan die profeet Jeremia oorgedra is toe koning Nebukadnesar van Babel gekom het om Egipte aan te val.

¹⁴Julle moet dit in Egipte bekend maak, julle moet dit laat hoor in Migdol, julle moet dit laat hoor in Memfis en Tagpanges, julle moet sê: Staan gereed, maak jou reg, want die swaard verteer reeds rondom jou!

¹⁵Hoe is dit dan dat jou aanvoerders afgemaai word? Hulle bly nie staan nie, die Here stoot hulle om.

¹⁶Hulle bly struikel, hulle val oor mekaar, en hulle sê: “Staan op, kom ons gaan terug na ons mense toe, na die land toe waar ons gebore is, weg van die swaard af wat so wild te kere gaan! ”

¹⁷Hulle skree: “Daar is die farao, die koning van Egipte, die grootprater wat sy kanse verspeel het! ”

¹⁸So seker as Ek leef, sê die Koning wie se Naam die Here die Almagtige is: Daar kom iemand wat so magtig is soos Tabor onder die berge, soos Karmel aan die see.

¹⁹Pak julle bondels vir die ballingskap, inwoners van Egipte! Memfis gaan 'n verlate stad word, verwoes en sonder inwoners.

²⁰Egipte is 'n pragtige jong vers, maar daar kom 'n blindevlieg uit die noorde.

²¹Die huurtroepe in Egipte is soos vetgemaakte kalwers, maar hulle sal almal omdraai en vlug, hulle sal nie bly staan nie, want die dag kom wanneer 'n ramp hulle tref, die tyd wanneer daar met hulle afgereken sal word.

²²Egipte sal sis soos 'n slang en padgee wanneer die vyand se leërmag aankom, wanneer hulle soos houtkappers met byle na Egipte toe aankom.

²³Hulle gaan sy bos afkap, sê die Here, al is die bos hoe dig. Die leer van die vyand is groter as 'n sprinkaanswerm, die soldate kan nie getel word nie.

²⁴Daar wag 'n neerlaag vir Egipte, hy word oorgegee in die mag van die volk uit die noorde.

²⁵Die Here die Almagtige, die God van Israel, het gesê: Ek gaan afreken met Amon die god van No, met die farao, met Egipte en met sy gode en sy konings, en met almal wat op hom steun.

²⁶Ek gee hom oor in die mag van dié wat hom wil vernietig, in die mag van koning Nebukadnesar van Babel en sy onderhoriges. Maar daarna sal Egipte weer bewoon word soos vroeër tye, sê die Here.

Jakob sal weer veiligheid en rus geniet

²⁷Maar jy, my dienaar Jakob, moenie bang wees nie! Moenie bekommerd wees nie, Israel! Ek gaan jou red uit daardie ver land, Ek gaan jou nageslag red uit die land waar hulle ballinge is. Jakob sal weer veiligheid en rus geniet, en niemand sal hom bedreig nie.

²⁸Jy, my dienaar Jakob, moenie bang wees nie, sê die Here, want Ek is by jou. Wanneer Ek 'n einde maak aan al die nasies waaronder Ek jou verstrooi het, sal Ek aan jou nie 'n einde maak nie. Maar Ek sal jou straf soos jy verdien, jy sal nie ongestraf bly nie.

Jeremia 47

Teen die Filistyne

¹'n Woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het. Dit handel oor die Filistyne, voordat die farao vir Gasa verower het.

²So sê die Here: Daar kom vloedwater uit die noorde, dit word 'n stroom wat oor sy walle stoot, dit stroom oor die land en alles in hom, oor die stad en sy inwoners. Mense skree, al die inwoners van die land huil

³wanneer hulle hoor hoe die perdepote klap, die strydwaens dreun, die wiele raas. Pa's draai nie om om hulle kinders te help nie, hulle hande hang slap.

⁴Die dag het gekom waarop al die Filistyne uitgeroei word, waarop elkeen wat vrygekom het en vir Tirus en Sidon kan help, doodgemaak word. Die Here gaan die Filistyne uitroeï, dié wat nog oor is van almal wat van Kaftoreiland af gekom het.

⁵Gasa sal rou met kaalgeskeerde kop, Askelon sal woordeloos staan. Julle wat nog oor is daar op julle vlakke, hoe lank gaan julle julle van smart bly stukkend sny?

⁶“Ag, swaard van die Here, hoe lank nog voor jy tot rus kom? Gaan terug na jou skede toe! Hou op, bedaar tog! ”

⁷Maar hoe kan hy tot rus kom as die Here hom die bevel gegee het, hom 'n werk gegee het in Askelon en op die seekus?

Jeremia 48

Oor Moab

¹Oor Moab. So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Ellende wag vir Nebo, want hy word verwoes; Kirjatajim word verneder en ingeneem, die vestingstad word verneder en platgeslaan.

²Die roem van Moab word nie meer besing nie; sy ondergang word in Gesbon beplan: “Kom ons roei daardie nasie uit! ” Ook aan Madmen word 'n einde gemaak! Die swaard is agter jou aan!

³Van Goronajim af klink smartkrete oor die groot verwoesting en ondergang.

⁴Moab word uitmekaargeskeur; smartkrete weerklink in sy dorpies.

⁵Sy mense klim huil-huil die opdraand na Lugit toe uit; benoude smartkrete oor die ondergang van Moab weerklink op die pad af na Goronajim toe.

⁶Vlug! Probeer wegkom, word liever soos 'n kaal bossie in die woestyn!

⁷Omdat jy jou vertrouë gestel het in wat jy self gedoen en vergaar het, word jy ook 'n gevangene en word Kemos in ballingskap weggevoer saam met sy priesters en sy amptenare.

⁸Die verwoester pak elke stad, nie een kom vry nie. Die Jordaanvallei gaan tot niet, die hoogvlakte word verwoes, want die Here het gepraat.

⁹Laat Moab vlug, want die land lê in puin. Sy stede lê verlate, sonder inwoners.

¹⁰Daar rus 'n vloek op elkeen wat traag is om die werk te doen wat die Here hom gegee het, op elkeen wat sy swaard nie vrylik bloed laat vergiet nie.

¹¹Moab sit van sy jeug af rustig, so ongestoord soos wyn op sy afsaksel, wyn wat nie van een kruik in 'n ander oorgegooi is nie. Hy is nooit in ballingskap weggevoer nie; sy smaak het dieselfde gebly, sy geur het nie verander nie.

¹²Maar daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek mense stuur wat wyn uitgooi, en hulle sal Moab uitgooi, hulle sal sy kruike leegmaak, sy wynkanne stukkend slaan.

¹³Moab sal by Kemos nie hulp kry nie, net so min as wat Israel hulp gekry het by Bet-El op wie hy vertrou het.

¹⁴Hoe kan julle nog sê: “Ons is soldate, ons is manne wat reg is vir oorlog?”

¹⁵Die verwoester is al op pad na Moab se stede toe, en die keur van Moab se jongmanne is op pad na hulle dood toe. Dit is wat die Koning sê, sy Naam is die Here die Almagtige:

¹⁶Die ramp wat Moab gaan tref, is naby, sy ongeluk kom vinnig nader.

¹⁷Julle almal rondom hom, julle almal wat hom by die naam ken, kan maar met meegevoel die koppe skud en sê: “Hoe het dié magtige ryk, dié glansryke heerskappy, tot 'n val gekom!”

¹⁸Klim maar af van jou ereplek af en gaan sit op die dorre aarde, inwoner van Dibon, want die verwoester van Moab is al op pad na jou toe; hy gaan jou vestingstede in puin lê.

- ¹⁹Gaan staan op die uitkyk langs die pad, inwoner van Aroër, ondervra elke man en vrou wat vlug, wat probeer ontkom, vra: “Wat het gebeur? ”
- ²⁰Moab is verslaan, hy is angsbevange. Huil, skreeu, gaan vertel by die Arnon dat Moab verwoes is!
- ²¹Die straf het gekom na die land met die hoogvlakte toe, na Golon, na Jahas, na Mefaät toe,
- ²²na Dibon, na Nebo, na Bet-Diblatajim toe,
- ²³na Kirjatajim, na Bet-Gamul, na Bet-Meon toe,
- ²⁴na Kerijot, na Bosra, na al die stede in Moab toe, ver en naby.
- ²⁵Die heerskappy van Moab is vernietig, sy mag is gebreek, sê die Here.
- ²⁶Moab het hom groot gehou teen die Here; maak hom dronk, laat hom aanhou braak, laat hom ook 'n spot word!
- ²⁷Jy het mos vir Israel gespot, Moab; het Israel hom dan met diewe opgehou dat jy met voldoening jou kop moes knik elke keer as jy oor hom gepraat het?
- ²⁸Vlug uit die stede! Gaan woon teen die kranse, inwoners van Moab! Word soos duiwe wat nes maak bo teen die rante van 'n put.
- ²⁹Ons het gehoor van Moab se vermetelheid, sy opperste hoogmoed, sy verwaandheid, sy vermetelheid en sy trots, sy selfvoldaanheid.
- ³⁰Ek ken sy hovaardigheid, sê die Here; sy grootpraterij bring niks, al wat hy doen, kom tot niks.
- ³¹Daarom huil Ek oor Moab, kla Ek oor die hele Moab, en kerm die mense oor die manne van Kir-Geres.
- ³²Meer as oor Jaser huil Ek oor jou, wingerd van Sibma; jou ranke reik tot aan die see, hulle strek tot by Jaser. Die verwoester sak toe op jou vrugte en jou druiwe.

³³Vreugde en gejuig het verdwyn uit die vrugteboorde en uit Moab; Ek het die wyn laat wegraak uit die parskuipe; die vreugde om druiwe uit te trap is daar nie meer nie, daar is geen oesvreugde meer nie.

³⁴Die hulpgeroep van Gesbon klink tot in Elale, dit word gehoor tot by Jahas, van Soar af tot by Goronajim en Eglat-Selisija. Selfs die water van Nimrim het opgedroog.

³⁵Ek maak 'n end, sê die Here, aan dié Moab wat hoogtes toe gaan en aan hulle gode offer.

³⁶Soos die klaagsang van 'n fluit, so kla dit in My oor Moab. Soos die klaagsang van 'n fluit, so kla dit in My oor die mense van Kir-Geres: alles wat hulle vergaar het, is daarmee heen.

³⁷Almal treur: die koppe is kaalgeskeer, die baarde afgesny, die hande het snye aan, almal dra rouklere;

³⁸daar word oral op die dakke in Moab en op sy stadspleine getreur, want Ek het Moab gebreek soos 'n kleipot wat niemand wil hê nie, sê die Here.

³⁹Hoe angsbevange word Moab, hoe vlug hy ná sy neerlaag! Huil maar, want Moab word 'n spot, hy word 'n afskrikwekkende voorbeeld vir sy bure.

⁴⁰So sê die Here: Die vyand sal soos 'n aasvoël op Moab afsak en oor hom sweef.

⁴¹Stede sal verower word, vestings ingeneem word. Daardie dag sal Moab se soldate so bang wees soos vrouens wat vasgekeer is.

⁴²Moab sal uitgeroei word en ophou om 'n volk te wees, want hy het hom groot gehou teen die Here.

⁴³Daar wag gevaar en vanggate en strikke vir julle, inwoners van Moab, sê die Here.

⁴⁴Wie van die gevaar af probeer wegkom, sal in 'n vanggat val, wie uit 'n vanggat probeer uitklim, sal in 'n strik gevang word. Ek bring oor Moab 'n jaar van afrekening, sê die Here.

⁴⁵In die skaduwee van Gesbon staan die vlugteling sonder krag, want daar het 'n vuur uit Gesbon uit gegaan, 'n vlam uit Sihon uit, en dit het die voorkop van Moab, die koppe van die grootpraters verteer.

⁴⁶Dit is klaar met jou, Moab; die volk van Kemos word uitgeroei. Jou seuns word in ballingskap weggevoer, jou dogters as gevangenes.

⁴⁷Maar wanneer die tyd daar is, sal Ek die lot van Moab verander, sê die Here. Hier eindig die oordeel oor Moab.

Jeremia 49

Oor die Ammoniete

¹Oor die Ammoniete. So sê die Here: Het Israel dan nie seuns nie, het hy niemand wat sy vyand verdryf nie? Waarom het Milkom die gebied van Gad in besit geneem en woon sý mense in Gad se stede?

²Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek oorlog aankondig teen Rabba, die Ammonietestad. Hy sal 'n verlate ruïneheuvel word en sy buitedorpe sal afgebrand word. Dan sal Israel dié verdryf wat hom verdryf het, sê die Here.

³Huil, Gesbon, jy is verwoes, 'n puinhoop, roep om hulp, vroue van Rabba, trek rouklere aan en treur, hardloop heen en weer tussen die landmure, want Milkom word in ballingskap weggevoer saam met sy priesters en sy amptenare.

⁴Wat beroem jy jou op valleie, weerspannige volk, op jou waterryke vallei? Jy vertrou op jou rykdom en jy sê: “Wie sal my bykom?”

⁵Ek bring angs oor jou vir almal rondom jou, sê die Here God, die Almagtige. Julle sal uitmekaargejaag word, en niemand sal die vlugteling bymekaarmaak nie.

⁶Maar Ek sal tóg later die lot van die Ammoniete verander, sê die Here.

Oor Edom

⁷Oor Edom. So sê die Here die Almagtige: Is daar geen wysheid meer in Teman nie? Het die manne met insig nie meer raad nie? Het hulle wysheid verdwyn?

⁸Draai om, vlug! Kruip diep weg, inwoners van Dedan! Ek bring 'n ramp oor Esau, die tyd vir sy straf is daar.

⁹As ander jou wingerd kom afoes, sal hulle niks vir jou laat oorbly nie. As daar diewe in die nag kom, steel hulle tot hulle genoeg het.

¹⁰Ek het Esau kaalgestroop, Ek het sy skuilplekke oopgemaak, sodat niemand daar kan wegkruip nie. Sy nageslag is uitgeroei, en ook sy broers en sy bure; daar is niemand oor nie.

¹¹Laat maar jou weeskinders agter, Ek sal hulle in die lewe hou; en laat jou weduwees op My vertrou.

¹²Ja, so sê die Here: As selfs dié wat dit nie verdien nie, die oordeelsbeker moet drink, kan jý ongestraf bly? Jy sal nie ongestraf bly nie; drink sal jy die beker drink.

¹³Ek lê 'n eed af by Myself, sê die Here, dat Bosra 'n verlate plek sal word, 'n spot, 'n uitgedorde stuk grond, 'n voorbeeld wat in verwensings aangehaal word, en dat al sy buitedorpe vir altyd in puin sal lê.

¹⁴Ek het 'n boodskap ontvang, en dit kom van die Here af. Daar is 'n boodskapper onder die nasies rondgestuur om te sê: Kom bymekaar, trek teen Edom op, maak oorlog teen hom!

¹⁵Edom, Ek maak jou 'n klein volkie onder die volke, een wat nie deur mense gereken word nie.

¹⁶Die vrees wat ander vir jou het en jou vermetelheid het jou mislei. Jy woon teen die kranse, jy klou vas aan die hoë bergtoppe, maar al bou jy jou nes daar in die hoogte soos 'n aasvoël, Ek sal jou daar afhaal, sê die Here.

¹⁷Edom sal 'n verlate plek word; elkeen wat daar verbykom, sal sy asem intrek en van verbasing fluit oor die slag wat vir Edom getref het.

¹⁸Soos Sodom en Gomorra en die buurdorpe verwoes is, sê die Here, so sal niemand in Edom woon nie; geen mens sal daar wil bly nie.

¹⁹Soos 'n leeu uit die digte Jordaanbos toeslaan op 'n weiveld aan 'n standhoudende stroom, so sal Ek vir Edom eensklaps verjaag uit sy land, en Ek sal vir dié taak aanwys wie Ek verkies. Wie is soos Ek, wie kan My tot verantwoording roep? Wie is die regeerder wat teen My kan standhou?

²⁰Hoor wat die Here besluit het, wat sy beslissing oor Edom is, wat Hy Hom voorgeneem het oor die inwoners van Teman: hulle sal weggesleep word deur hulle eie jongmanne, Edom se woonplek sal deur hulle eie toedoen verwoes word.

²¹Die aarde sal skud van die dreun van Edom se val, die geroep om hulp sal gehoor word tot by die Rietsee.

²²Die vyand sal soos 'n aasvoël opvlieg en afsak en oor Bosra sweef, en daardie dag sal Edom se soldate so bang wees soos vrouens wat vasgekeer is.

Oor Damaskus

²³Oor Damaskus. Hamat en Arpad is verslae, hulle het slegte nuus gehoor, hulle is onrustig, soos 'n onstuimige see, hulle kan nie tot rus kom nie.

²⁴Damaskus is magteloos, hy draai om om te vlug, hy is vreesbevange, angs en pyn soos dié van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring, het hom beetgepak.

²⁵Hoe word so 'n beroemde stad dan nie gespaar nie, so 'n vrolike stad?

²⁶Sy jongmanne sal op sy strate sneuwel, al sy soldate sal omgebring word wanneer die tyd daar is, sê die Here die Almagtige.

²⁷Ek steek die stad Damaskus aan die brand, die vuur sal die paleise van Ben-Hadad verteer.

Oor Kedar en Gasor

²⁸Oor Kedar en oor die koninkryke van Gasor wat deur koning Nebukadnesar van Babel aangeval is. So sê die Here: Kom, val vir Kedar aan, verdryf dié mense wat in die ooste woon!

²⁹Hulle tente en hulle kleinvee sal gevat word, hulle tentdoeke, hulle gereedskap, hulle kamele sal geroof word, en mense sal vir hulle skreeu: “Gevaar! Gevaar! ”

³⁰Vlug! Hardloop! Kruip diep weg, inwoners van Gasor! sê die Here; koning Nebukadnesar van Babel het 'n plan met julle, hy het 'n besluit oor julle geneem.

³¹Gaan val dié nasie aan wat so sonder sorge is en so rustig woon, het die Here gesê. Sy stede het nie poorte en sluitbalke nie en hy woon eenkant alleen.

³²Hulle kamele sal buitgemaak word, hulle groot troppe vee sal geroof word. Ek sal hulle oor al die windstreke verstrooi, dié mense wat die kante van hulle koppe kaal skeer, Ek sal hulle van alle kante af deur rampe laat tref, sê die Here.

³³Gasor sal 'n blyplek vir jakkalse word, vir altyd verlate. Daar sal niemand meer woon nie, geen mens sal daar wil bly nie.

Oor Elam

³⁴Die woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het oor Elam. Dit was aan die begin van die regeringstyd van koning Sedekia van Juda.

³⁵So sê die Here die Almagtige: Ek gaan Elam se pyl en boog breek, Ek gaan die keur van sy leërmag vernietig.

³⁶Ek laat die vier winde losbreek teen Elam, die winde uit die vier hoeke van die hemelruim, Ek verjaag hulle al die windrigtings in; daar sal nie 'n nasie wees nie of van Elam se vlugteling sal daar beland.

³⁷Ek laat Elam se mense paniekbevange raak voor hulle vyande, voor dié wat hulle lewe soek; Ek laat 'n ramp teen hulle losbreek, my gloeiende toorn, sê die Here, Ek stuur die swaard agter hulle aan totdat Ek hulle heeltemal uitgeroei het.

³⁸Ek sal my regterstoel in Elam neersit en koning en amptenare laat ombring, sê die Here.

³⁹Maar wanneer die tyd daar is, sal Ek die lot van Elam verander, sê die Here.

Jeremia 50

Oor Babel

- ¹Wat die Here deur die profeet Jeremia oor Babel en oor Galdeërland gesê het:
- ²Vertel vir al die nasies, kondig dit aan! Hou 'n vaandel op, kondig dit aan! Moet dit nie stil hou nie, sê: Babel is ingeneem, Bel is verslaan, Marduk staan verskrik, Babel se beelde staan verslae, sy afgode staan verskrik.
- ³Daar trek 'n nasie uit die noorde teen hom op en maak sy land 'n verlate plek; daar woon niemand meer nie, mens en dier het op die vlug geslaan.
- ⁴Dan, daardie tyd, sê die Here, sal die Israeliete en die Judeërs saam vertrek. Hulle sal huil-huil loop en na die wil van die Here hulle God vra.
- ⁵Hulle sal die pad vra na Sion toe, hulle sal hiernatoe kom en sê: “Kom ons bind ons aan die Here in 'n blywende verbond wat nie vergeet sal word nie.”
- ⁶My volk was skape wat weggeraak het: hulle herders het hulle laat verdwaal, hulle in die berge laat rondswerf; die skape het van die een berg na die ander toe geloop en vergeet waar hulle rusplek is.
- ⁷Hulle is opgeëet deur enigeen wat op hulle afgekom het, en hulle vyande het gesê: “Ons het nie skuld daaraan nie, dit gebeur omdat hierdie volk gesondig het teen die Here, die Here by wie hulle 'n ware tuiste kon vind en op wie hulle voorvaders hulle hoop gevestig het.”
- ⁸Vlug uit Babel uit, gaan uit Galdeërland uit, wees soos die voorbokke voor die kleinveetrop!
- ⁹Ek gaan uit 'n land in die noorde 'n groep groot nasies laat kom en hulle teen Babel laat optrek. Hulle sal in gelid teen hom opruk en hy sal van die noorde af ingeneem word. Hulle pyle is soos dié van 'n soldaat wat kinders wees laat word: elke pyl skiet raak.
- ¹⁰Galdeërland sal geplunder word, en dié wat plunder, sal oorgenoeg kry, sê die Here.
- ¹¹Ja, wees maar vrolik, jubel maar, julle wat nou my eiendom plunder! Huppel maar soos 'n verskalf wat koring uittrap, runnik maar soos hingste!

¹²Daar wag groot ontnugtering vir julle stad, vir Babel, daar wag vernedering vir die volk waaruit julle kom: hy gaan die minste word van die nasies, sy land gaan 'n dor woestyn, 'n droë vlakte word.

¹³In my toorn maak Ek hom onbewoonbaar, hy sal heeltemal verlate word: elkeen wat by Babel verbykom, sal verbyster staan en fluit van verbasing oor alles waardeur die stad getref is.

¹⁴Ruk van alle kante af op teen Babel, almal met pyl en boog! Skiet hom, moenie spaarsaam wees met die pyle nie! Hy het teen die Here gesondig.

¹⁵Laat die krygsgeskreeu van alle kante af teen hom klink! Hy gee oor, sy torings val, sy mure word afgebreek! Dit is die Here wat Hom op Babel wreek: wreek julle op hom, doen aan hom wat hy aan julle gedoen het!

¹⁶Laat uit Babel die saaier verdwyn en dié wat in die oestyd koring sny! Elkeen sal padgee na sy eie volk toe, elkeen sal na sy eie land toe vlug voor die swaard wat so wild te kere gaan!

¹⁷Israel is 'n verjaagde skaap, leesus het hom rondgejaag. Eers het die koning van Assirië hom opgevreet, en nou het koning Nebukadnesar van Babel sy bene skoongevreet.

¹⁸Daarom, so sê die Here die Almagtige, die God van Israel, sal Ek die koning van Babel en sy land straf soos Ek die koning van Assirië gestraf het.

¹⁹Maar vir Israel sal Ek terugbring na sy weiveld toe, en hy sal op Karmel en in Basan wei, hy sal volop te wei hê op die Efraimsberge en in Gilead.

²⁰Dan, in daardie tyd, sê die Here, sal daar navraag gedoen word na die sonde van Israel, na die oortredings van Juda, maar daar sal niks wees nie, niks gevind word nie, want Ek sal die sonde van dié wat Ek laat oorbly, vergewe.

²¹Trek op teen Meratajim en teen die inwoners van Pekod, maak hulle dood, roei hulle heeltemal uit, sê die Here, maak met hulle presies soos Ek jou beveel!

²²Daar is oorlogsrumoer in die land, daar is groot verwoesting!

²³Hoe gebreek, hoe in stukke lê die hamer nou waaronder die hele aarde moes ly! Hoe verlate het Babel geword tussen die nasies!

²⁴Ek het vir jou 'n strik gespan waarvan jy nie geweet het nie, Babel, en jy is daarin gevang; jy is betrap en vasgevang omdat jy die stryd teen My, die Here, aangebind het.

²⁵Die Here het sy arsenaal oopgemaak en die wapens van sy toorn uitgehaal, want Hy, die Here God, die Almagtige, het werk te doen in Galdeërland:

²⁶Val die land binne van alle kante af, breek oop sy graanskure! Gooi die lyke van sy inwoners op hope soos hope graan, roei hulle heeltemal uit, moet niemand laat oorbly nie!

²⁷Steek al sy leiers dood, maak hulle van kant! Ellende wag vir hulle, hulle dag het gekom, die tyd is daar dat hulle gestraf word.

²⁸Luister hoe die vlugteling, dié wat uit Babel ontkom het, in Sion kom vertel hoe die Here ons God Hom gewreek het, Hom gewreek het oor sy tempel!

²⁹Roep baie manskappe op teen Babel, al die boogskutters; laat hulle kamp opslaan rondom hom, moenie dat een vrykom nie. Betaal hom terug vir wat hy gedoen het, doen aan hom soos hy aan ander gedoen het, want hy was hooghartig teen die Here, teen die heilige God van Israel.

³⁰Dit is daarom dat sy jongmanne op sy strate sal sneuwel, dat al sy soldate omgebring sal word wanneer die tyd daar is, sê die Here.

³¹Ek gaan optree teen jou, hooghartige land, sê die Here God, die Almagtige, want jou dag het gekom, die tyd is daar dat Ek jou gaan straf.

³²Die hooghartige land struikel, hy val en niemand help hom op nie. Ek steek sy stede aan die brand, die vuur sal almal rondom hom verteer.

³³So sê die Here die Almagtige: Die Israeliete word verdruk, en saam met hulle die Judeërs. Dié deur wie hulle gevange gehou word, hou hulle vas en weier om hulle vry te laat.

³⁴Maar hulle Beskermer is magtig; sy Naam is die Here die Almagtige. Hy sal vir hulle reg opkom: Hy sal rus bring in die land Israel, maar onrus vir die inwoners van Babel.

³⁵Trek die swaard teen die Galdeërs, sê die Here, teen die inwoners van Babel, teen sy amptenare en sy raadgewers;

³⁶trek die swaard teen sy waarsêers dat dit kan blyk watter onsin hulle praat; trek die swaard teen sy soldate dat hulle skrikbevange kan word;

³⁷trek die swaard teen sy perde en sy strydwaens, teen die huurtroepe by hom dat hulle soos vrouens word; trek die swaard teen sy skure dat hulle geplunder word;

³⁸lê droog sy gragte dat hulle opdroog; hy is 'n land vol afgodsbeelde wat mal word van die skrik wat hulle tref.

³⁹Die stad sal bewoon word deur hiënas en jakkalse, daar sal volstruise bly; die stad sal nooit weer bewoon word nie, niemand sal ooit weer daar bly nie.

⁴⁰Soos God vir Sodom en Gomorra en hulle buurdorpe verwoes het, sê die Here, so sal niemand in Babel woon nie; geen mens sal daar wil bly nie.

⁴¹Daar kom 'n volk uit die noorde, 'n groot nasie, baie konings ruk op uit die uithoeke van die aarde.

⁴²Hulle is gewapen met pyl en boog en swaard, hulle is wreed en spaar niemand nie. Hulle krygsgeskreeu dreun soos die see, hulle kom aan op hulle perde, hulle soldate is reg vir die aanval op jou, Babel.

⁴³Die koning van Babel het die gerug oor hulle gehoor, sy hande hang slap, angs pak hom beet, benoudheid soos dié van 'n vrou wat 'n kind in die wêreld bring.

⁴⁴Soos 'n leeu uit die digte Jordaanbos toeslaan op 'n weiveld aan 'n standhoudende stroom, so sal Ek die mense van Babel eensklaps verjaag uit hulle land, en Ek sal vir dié taak aanwys wie Ek verkies. Wie is soos Ek, wie

kan My tot verantwoording roep? Wie is die regeerder wat teen My kan standhou?

⁴⁵Hoor wat die Here besluit het, wat sy beslissing oor Babel is, wat Hy Hom voorgeneem het oor Galdeërland: hulle sal weggesleep word deur hulle eie jongmanne, die Galdeërs se woonplek sal deur hulle eie toedoen verwoes word.

⁴⁶Die aarde sal skud van die dreuning wanneer Babel ingeneem word, die geroep om hulp sal gehoor word deur die ander nasies.

Jeremia 51

¹So sê die Here: Ek laat 'n verwoestende wind oor Babel waai en oor die inwoners van Leb-Kamai.

²Ek stuur mense om Babel uit te skud, hulle sal sy land leegstroop wanneer hulle hom van alle kante af bestorm die dag as die ramp losbreek.

³Moenie die boogskutters van Babel kans gee om hulle boë te span of hulle harnasse aan te trek nie! Moenie jammer wees vir sy jongmanne nie, roei sy hele leër uit!

⁴Galdeërland sal vol dooies lê, sy strate vol gesneuweldes.

⁵Israel en Juda is nie alleen nie, nie sonder sy God, nie sonder die Here die Almagtige nie. Galdeërland het hom vergryp teen die Heilige van Israel.

⁶Vlug uit Babel uit, red julleself, moenie deur sy sonde omkom nie! Die tyd is daar dat die Here Hom wreek, dat Hy Babel sy verdiende loon laat kry.

⁷Babel was 'n goue beker in die hand van die Here, 'n beker wat die hele wêreld dronk laat word het: die nasies het van sy wyn gedrink en daarvan mal geword.

⁸Babel kom skielik tot 'n val, hy stort ineen! Huil oor hom, gaan haal balsem vir sy wonde, miskien word hy gesond!

⁹Ons het Babel gedokter, maar hy het nie gesond geword nie. Gee pad uit hom, kom ons gaan elkeen na sy land toe, want die straf wat hom tref, strek tot aan die hemel, reik tot by die wolke.

¹⁰Die Here het vir ons redding gebring; kom ons gaan vertel in Sion wat die Here ons God gedoen het.

¹¹Maak skerp die pyle, vat die skilde! Die Here het die konings van Medië in beweging gebring, want Hy het besluit dat Babel verwoes moet word. Die Here gaan Hom wreek oor wat met sy tempel gebeur het.

¹²Steek 'n vaandel op teen die mure van Babel, versterk die wagposte, sit wagte uit, stel hinderlae op, want die Here gaan sy besluit uitvoer, Hy gaan met die inwoners van Babel doen wat Hy gesê het.

¹³Jy wat langs die baie waters woon, met jou baie skatte, jou einde het gekom, jou lewensdraad word geknip.

¹⁴Die Here die Almagtige het 'n eed afgelê by Homself: Ek laat die vyande soos sprinkane op jou toesak, en hulle sal met 'n geskreeu die oorwinning oor jou vier.

¹⁵Dit is die Here wat met sy krag die aarde gemaak het, wat met sy wysheid die wêreld gevestig het en met insig die hemel oopgesprei het.

¹⁶Wanneer Hy sy stem laat hoor, druis die water in die hemel; Hy laat die mis opstyg van die eindes van die aarde af, Hy laat die weerlig slaan wanneer dit reën, Hy laat die wind uit sy voorraadskure uitkom.

¹⁷Dan sien elke mens hoe dom, hoe sonder kennis hy is; dan staan elke goudsmid verleë met sy afgodsbeeld, want sy beeld is bedrog, daar is geen lewe in nie.

¹⁸Hulle is nikswerd gode, voorwerpe van spot, hulle vergaan as die tyd van afrekening kom.

¹⁹Die God van Jakob is nie soos hulle nie, Hy is die Skepper van alles en almal. Daar is 'n volk wat aan Hom behoort. Die Here die Almagtige is sy Naam.

²⁰Jy was my hamer, Babel, my oorlogswapen; Ek het nasies met jou verslaan, Ek het koninkryke met jou vernietig;

²¹Ek het perde en ruiters met jou verslaan, Ek het strydwaens en bemannings met jou verslaan,

²²Ek het mans en vrouens met jou verslaan, oumense en jongmense, jongmanne en jongmeisies,

²³herders en kuddes, boere en trekdiere, goewerneurs en gesagdraers.

²⁴Maar Ek sal Babel en al die inwoners van Galdeërland laat boet vir al die kwaad wat hulle voor julle oë in Sion aangerig het, sê die Here.

²⁵Ek gaan teen jou optree, verwoestersberg, sê die Here, jy wat die hele aarde verwoes het; Ek gaan my hand teen jou uitsteek en jou van die rotse afrol; Ek maak jou 'n uitgebrande berg.

²⁶Mense sal nie uit jou 'n hoekklip kom vat of 'n fondamentklip nie; jy sal altyd verlate lê, sê die Here.

²⁷Hou 'n vaandel op oor die aarde, blaas die ramshoring onder die nasies, maak hulle gereed om Babel aan te val, roep koninkryke teen hom op: Ararat, Minni en Askenas; benoem 'n bevelvoerder vir die aanslag, bring perde soos sprinkaanswerms!

²⁸Maak die nasies gereed om Babel aan te val, maak gereed die konings van Medië, sy goewerneurs, sy hoë amptenare, en al sy onderhorige lande.

²⁹Die land skud en bewe, want wat die Here teen Babel besluit het, staan vas: om die gebied van Babel 'n verlate plek te maak, sonder inwoners.

³⁰Babel se soldate het opgehou veg, hulle sit in die vestings, hulle krag is weg, hulle is soos vrouens; sy woonhuise word afgebrand, sy sluitbalke word gebreek.

³¹Die een hardloper na die ander hardloop, die een boodskapper na die ander, om vir die koning van Babel te sê dat sy stad heeltemal ingeneem is,

³²dat die brûe beset is, dat die riete langs die rivier brand en dat die soldate paniekbevange is.

³³So sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Babel is soos 'n dorsvloer, en die tyd is daar dat hy vasgestamp moet word; nog net 'n rukkie, dan is die tyd daar dat die graan op hom uitgedors word.

³⁴Koning Nebukadnesar van Babel het ons opgevreet, ons verteer, ons 'n leë kruik gemaak; soos 'n monster het hy ons ingesluk en hom dik gevreet, hy het ons leeggedrink en weggestoot.

³⁵Dié wat in Sion woon, sê: “Babel moet gestraf word vir die geweld wat ons aangedoen is, vir die verminking.” Jerusalem sê: “Die inwoners van Galdeërland moet gestraf word vir ons bloed wat vergiet is.”

³⁶So sê die Here: Ek sal vir julle reg opkom, Ek sal Babel straf vir wat jou aangedoen is: Ek sal sy baie water laat opdroog, ook die plek waar die water vandaan kom.

³⁷Babel sal 'n puinhoop word, 'n blyplek vir jakkalse, 'n verlate plek waaroor mense fluit van verbasing, 'n plek sonder inwoners.

³⁸Sy inwoners brul nou almal soos leeus, hulle knor soos leeuwelpies,

³⁹maar terwyl hulle so humeurig is, sit Ek vir hulle 'n feesmaal voor en maak Ek hulle so dronk dat hulle eers jolig raak en dan vir altyd aan die slaap raak sonder om wakker te word, sê die Here.

⁴⁰Soos lammers, soos skaapramme en bokramme vat Ek hulle na die slagplek toe.

⁴¹Sesak, so beroemd oor die hele aarde, is verower, is ingeneem! Babel het 'n verlate plek geword in die volkerewêreld!

⁴²Die waters het oor Babel gestroom, hy is bedek deur bruisende golwe.

⁴³Sy stede lê verlate, sy land is 'n dor, droë vlakte; daar woon geen mens nie en niemand gaan daar langs nie.

⁴⁴Ek gaan vir Bel straf in Babel, Ek sal hom laat opbring wat hy ingesluk het, en nasies sal nie meer na hom toe stroom as ballinge nie. Babel se mure sal val;

⁴⁵kom uit hom uit, my volk, red julleself voordat my gloeiende toorn teen hom losbreek.

⁴⁶Moenie moed verloor en bang word wanneer daar gerugte rondgaan in die land nie: daar kom jaar vir jaar gerugte. Daar sal geweld in die land losbreek, regeerders sal mekaar beveg,

⁴⁷maar die tyd kom dat Ek afreken met Babel se afgode, dat sy hele land verslaan sal wees, sy dooies oral in hom rondlê.

⁴⁸Hemel en aarde en alles in hulle sal juig oor Babel se val, want dié wat hom sal verwoes, is aan die kom uit die noorde, sê die Here.

⁴⁹Deur Babel se toedoen het mense oor die hele aarde gesnuwel, en so sal hý sneuwel oor dié wat van Israel gesnuwel het.

⁵⁰Julle wat aan die swaard ontkom het, gee pad, moenie staan nie! Dink daar uit die verte aan die Here, hou Jerusalem in gedagte.

⁵¹Ons is verneder en beledig, daar het skande oor ons gekom, want vreemdes het ingestap in die gewyde gebied van die huis van die Here.

⁵²Daarom kom die tyd, sê die Here, dat Ek met Babel se afgode sal afreken: die gewondes sal kerm dwarsoor sy land.

⁵³Al word Babel hemelhoog, al versterk hy sy hoë vestings ook hoe, Ek stuur verwoesters na hom toe, sê die Here.

⁵⁴Daar word om hulp geroep uit Babel, daar klink harde smartkrete uit Galdeërland,

⁵⁵want die Here verwoes Babel en maak 'n einde aan sy geraas. Soos groot waters sal die golwe van sy vyande teen hom aangedreun kom en sal hulle krygsgeskreeu weerklink.

⁵⁶Ja, daar trek 'n verwoester op teen hom, teen Babel, en sy soldate word gevange geneem, hulle boë stukkend gebreek, want die Here is 'n God wat vergeld, en Hy sal voluit straf.

⁵⁷Ek sal sy amptenare, sy raadgewers, sy goewerneurs, sy offisiere, sy soldate dronk laat word, en hulle sal vir altyd aan die slaap raak sonder om wakker te word, sê die Koning. Sy Naam is die Here die Almagtige.

⁵⁸So sê die Here die Almagtige: Die dik vestingmuur van Babel sal gesloop word, sy hoë poorte sal afgebrand word: mense het geswoeg vir niks, nasies het hulle afgesloof vir iets wat vir die vuur bestem is.

Die opdrag aan Seraja

⁵⁹Die opdrag wat die profeet Jeremia aan Seraja seun van Nerija, seun van Magseja, gegee het toe hy saam met koning Sedekia van Juda in sy vierde regeringsjaar na Babel toe vertrek het; Seraja was kwartiermeester,

⁶⁰en Jeremia het al die onheil wat Babel sou tref, alles wat oor Babel neergeskryf was, in een boekrol opgeskryf

⁶¹en vir Seraja gesê: “Wanneer jy in Babel kom, moet jy alles hardop lees

⁶²en sê: ‘Here, U het van hierdie plek gesê dat U hom so sal verwoes dat geen mens of dier weer in hom sal woon nie en dat hy altyd verlate sal wees.’

⁶³“Wanneer jy hierdie boekrol klaar hardop gelees het, moet jy 'n klip aan hom vasbind en hom in die Eufraat gooi

⁶⁴en sê: So sal Babel wegsink en nie opkom nie as gevolg van die onheil wat Ek oor hom bring; sy inwoners het hulle afgesloof vir niks, sê die Here.” Tot sover die woorde van Jeremia.

Jeremia 52

Sedekia. Die val van Jerusalem

(Vgl. 2 Kon. 24:18 -- 25:21; 2 Kron. 36:11-21)

¹Sedekia was een en twintig toe hy koning geword het en hy het elf jaar in Jerusalem geregeer. Sy ma was Gamutal, 'n dogter van Jeremia, uit Libna.

²Sedekia het gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here en het in alles die voorbeeld van Jojakim gevolg.

³Die toorn van die Here was op Jerusalem en Juda; Hy wou hulle wegvee uit sy teenwoordigheid. Sedekia het in opstand gekom teen die koning van Babel,

⁴en in die negende regeringsjaar van Sedekia, op die tiende van die tiende maand, het koning Nebukadnesar van Babel met sy hele leër met 'n aanval op Jerusalem begin. Hy het kamp opgeslaan by die stad en 'n beleëringswal rondom die stad gebou.

⁵Die stad is beleër tot in die elfde regeringsjaar van koning Sedekia.

⁶Teen die negende dag van die vierde maand was die hongersnood in die stad so erg dat daar nie meer kos vir die bevolking was nie.

⁷Toe is daar 'n opening in die muur gebreek, en al die soldate het gevlug. Hulle is in die nag deur die poort tussen die twee mure langs die Koningstuin, hoewel daar Galdeërs rondom die stad was. Die soldate het in die rigting van die Jordaanvallei gevlug,

⁸maar die Galdese leër het vir koning Sedekia agtervolg en hom ingehaal op die Jerigovlakte. Sy hele leër was toe al uitmekaar gejaag, weg van hom af,

⁹en hy is gevang en na die koning van Babel toe gevat in Ribla, in Hamat. Die koning van Babel het vir Sedekia verhoor

¹⁰en toe sy seuns voor sy oë laat doodmaak. Hy het ook al die Judeese amptenare laat doodmaak daar in Ribla,

¹¹Sedekia se oë laat uitsteek, hom met bronskettings laat boei en hom na Babel toe gevat en daar in die tronk laat sit tot sy dood toe.

¹²In die vyfde maand, op die tiende van die maand, in die negentiende regeringsjaar van koning Nebukadnesar van Babel, het Nebusaradan by Jerusalem aangekom. Hy was hoof van die lyfwag en in die persoonlike diens van die koning van Babel.

¹³Hy het die huis van die Here, die paleis en al die huise in Jerusalem, elke groot gebou, afgebrand.

¹⁴Al die Galdese soldate wat onder sy bevel was, het die muur om Jerusalem heeltemal afgebreek.

¹⁵Party van die armste mense, en verder die mense wat in die stad oor was, ook dié wat na die koning van Babel toe oorgeloop het, en die ambagsmanne wat oor was, is gevange weggevoer deur Nebusaradan, die hoof van die lyfwag.

¹⁶Party van die armste mense van die land het hy laat agterbly om die wingerde en die lande te bewerk.

¹⁷Die Galdeërs het die bronspilare, die waentjies en die bronswaterbak wat by die huis van die Here was, stukkend geslaan en al die brons na Babel toe gevat.

¹⁸Hulle het die potte, die skoppe, die skêre, die komme vir besprinkeling en die panne saamgevat, en al die ander bronsgoed wat in die tempeldiens gebruik is.

¹⁹Die hoof van die lyfwag het die bakke, die vuurpanne, die komme vir besprinkeling, die potte, die kandelare, die panne, die offerkomme, alles wat goud of silwer was, buitgemaak.

²⁰Die brons van die twee pilare, van die waterbak met die twaalf beeste onder, en van die waentjies wat koning Salomo gemaak het vir die huis van die Here was soveel dat dit nie geweeg kon word nie.

²¹Wat betref die pilare, elke pilaar was nege meter hoog en ses meter in die omtrek en was hol met 'n wand van nege sentimeter dik.

²²Die bronskapiteel bo-op was twee en 'n half meter hoog. Die rooster met die granate om die kapiteel was heeltemal van brons. Die ander pilaar met die granate was net so.

²³Daar was ses en negentig granate sigbaar, maar daar was altesaam honderd granate rondom aan die rooster.

²⁴Die hoof van die lyfwag het die hoëpriester Seraja, die priester tweede in rang, Sefanja, en die drie drumpelwagte gevange saamgevat.

²⁵Uit die stad het hy die offisier gevange geneem wat in bevel was van die soldate. Daar was ook nog sewe van die koning se vertrouelinge in die stad, die sekretaris van die hoof van die leer wat vir die oproep van die burgers verantwoordelik was, en sestig van die burgers.

²⁶Nebusaradan, die hoof van die lyfwag, het hulle gevange geneem en hulle na die koning van Babel toe in Ribla gevat.

²⁷Die koning van Babel het hulle laat doodmaak daar in Ribla, in Hamat. So is Juda dan uit sy land uit weggevoer.

²⁸Die getal mense wat deur Nebukadnesar weggevoer is, is soos volg: in die sewende jaar: 3.023 Judeërs,

²⁹in die agtiende regeringsjaar van Nebukadnesar: 832 mense uit Jerusalem,

³⁰in die drie en twintigste jaar: 745 Judeërs, weggevoer deur die hoof van die lyfwag Nebusaradan. Dit was altesaam 4.600 mense.

Jojagin word bevoorreg

(Vgl. 2 Kon. 25:27-30)

³¹In die sewe en dertigste jaar van die ballingskap van koning Jojagin van Juda, op die vyf en twintigste van die twaalfde maand, het Ewil-Merodak wat pas koning van Babel geword het, vir koning Jojagin van Juda uit die gevangenis vrygelaat.

³²So het hy hom begenadig en hom hoër status gegee as die ander konings wat by hom in Babel was.

³³Jojagin kon sy tronkklere uittrek en het so lank hy gelewe het, aan die koning se tafel geëet

³⁴en Jojagin het tot sy dood toe van die koning van Babel 'n permanente toelae ontvang vir sy daaglikse behoeftes.

Klaagliedere

Klaagliedere 1

Daar is niemand wat vir Jerusalem bystaan nie

¹Ag, hoe verlate lê die stad wat vol mense was! Sy het soos 'n weduwee geword, sy wat magtig was onder die nasies. Sy wat heerskappy gevoer het oor ander moet nou dwangarbeid doen.

²Onbedaarlik huil sy die hele nag, die trane loop oor haar wange. Niemand van haar vroeëre minnaars is daar om haar te troos nie. Al haar bondgenote het teen haar verraad gepleeg, hulle het haar vyande geword.

³Juda se mense is weggevoer, hulle kry swaar, hulle is slawe, hulle sit tussen vreemde nasies waar hulle geen rusplek kry nie; hulle agtervolgers het hulle ingehaal, hulle in die noutes vasgekeer.

⁴Die paaie na Sion toe treur omdat daar geen feesgangers is nie; al haar poorte is verlate, haar priesters sug, haar jong vroue is bedroef, sy het dit bitter.

⁵Haar teëstanders het haar heersers geword, haar vyande lewe nou rustig. Die Here het haar laat ly oor haar baie sonde; haar kinders het ballinge geword, deur die vyand weggevoer.

⁶Die prag van Sion het alles verdwyn. Haar leiers het soos takbokke geword wat geen weiveld vind nie, hulle moes magteloos wegtrek voor hulle agtervolgers uit.

⁷In hierdie dae van haar ellende en verdrukking dink Jerusalem aan al haar kosbare dinge van die verlede. Toe haar volk in die hande van die vyand geval het, was daar niemand wat haar gehelp het nie; haar vyande het dit gesien, hulle het gelag oor wat van haar geword het.

⁸Jerusalem het groot sonde gedoen, dit het haar soos 'n onrein vrou laat word; die mense het haar naaktheid gesien, almal wat haar geëer het, verag haar nou. Sy sug en draai weg.

⁹Haar onreinheid wys aan haar klere, sy het nie gedink aan wat van haar sou word nie. Sy het diep geval en daar is niemand wat haar bystaan nie. Sien tog my ellende raak, Here, kyk wat matig die vyand hom aan!

¹⁰Die vyand het beslag gelê op al haar waardevolle dinge; sy moes aanskou hoe heidennasies in haar heiligdom ingaan, hulle vir wie U belet het om in u gemeente te kom.

¹¹Haar hele bevolking sug, hulle soek brood, hulle het hulle waardevolle besittings verruil vir kos om aan die lewe te bly. Kyk tog, Here, en sien tog raak hoe verag ek is.

¹²Raak dit julle nie, julle almal wat met die pad verbygaan? Kyk tog self of daar 'n smart is soos die smart wat oor my gekom het, wat die Here my aangedoen het die dag toe sy toorn losgebreek het.

¹³Hy het 'n vuur van bo af gestuur, en dit het my liggaam verteer; Hy het vir my voete 'n strik gestel, my agteroor laat steier; Hy het my verlate gemaak, ongeneeslik siek.

¹⁴My sondes is saamgebind tot 'n juk, hulle is saamgevleg deur die hand van die Here, hulle is op my nek gesit, en dit het my krag laat ingee. Die Here het my oorgegee in die mag van mense teen wie ek geen weerstand kon bied nie.

¹⁵Die Here het al my dapper manne as waardeloos beskou, ten koste van my het Hy 'n feestyd uitgeroep om 'n slagting onder my jongmanne aan te rig. In 'n parskuip het die Here vir Juda fyngetrap.

¹⁶Dit is daarom dat ek so huil, dat die trane uit my oë stroom. Daar is geen trooster naby nie; my bevolking is verslaan, die vyand het die oorhand gekry.

¹⁷Sion steek haar hande uit om hulp, maar daar is niemand wat haar bystaan nie. Die Here het vir Jakob aan alle kante vyande ontbied. Jerusalem het onder hulle soos 'n onrein vrou geword.

¹⁸Die Here het reg gedoen: ek was ongehoorsaam aan sy woord. Luister tog, alle volke, aanskou my smart: my jong vroue en jongmanne het ballinge geword.

¹⁹Ek het na my bondgenote geroep, maar hulle het my in die steek gelaat. My priesters en leiers het in die stad beswyk toe hulle vir hulle kos gesoek het om aan die lewe te bly.

²⁰Kyk na my nood, Here! Dit brand in my, ek is verpletter omdat ek so ongehoorsaam was; buite maai die swaard af en in die huise heers die pes.

²¹Hulle hoor my sug, maar daar kom niemand om my by te staan nie; al my vyande hoor hoe sleg dit met my gaan en hulle is bly dat U dit gedoen het. Laat tog die dag kom wat U aangekondig het, dat hulle kan word soos ek is.

²²Laat al hulle boosheid voor U kom, en doen met hulle soos U met my gedoen het oor al my sondes. Ek sug gedurig, my hart is gebreek.

Klaagliedere 2

Die dag van die Here se toorn

¹Ag, hoe het die Here in sy toorn die donker laat toesak oor Sion! Hy het die pragstad van Israel tot in die stof verneder, Hy het op die dag van sy toorn sy eie tempel nie ontsien nie.

²Die Here het geen genade betoon nie, Hy het al die woonplekke van Jakob vernietig, Hy het in sy toorn die vestings van Juda afgebreek. Hy het die koninkryk verwoes, die leiers tot in die stof verneder.

³Deur sy vernietigende toorn het Hy die krag van Israel heeltemal gebreek. Toe die vyand kom, het die Here sy magtige hand teruggetrek en sy toorn teen Jakob laat brand soos 'n vlam wat alles rondom verteer.

⁴Soos 'n vyand het Hy sy boog gespan en aangelê, soos 'n teëstander het Hy al wat dierbaar is, uitgeroei; in die woning van Sion het Hy sy toorn uitgieset soos vuur.

⁵Die Here het soos 'n vyand geword, Hy het Israel vernietig, Hy het al die wonings vernietig, die vestings verwoes, Hy het ellende op ellende oor Juda gebring.

⁶Hy het sy eie woning verniel asof dit 'n skerm in 'n tuin is, Hy het die plek van ontmoeting vernietig; die Here het in Sion feestyd en sabbat laat ophou; in sy groot toorn het Hy koning en priester verwerp.

⁷Die Here het sy altaar verwerp en sy heiligdom laat vertrap. Hy het die mure rondom die tempelgebou laat afbreek deur die vyand. Hulle het in die huis van die Here gejuig asof dit sy volk is wat daar feesvier.

⁸Die Here het besluit om die muur van Sion te verwoes, Hy het bepaal dat dit heeltemal afgebreek moet word, Hy het nie op sy besluit teruggegaan nie; van die vestings en die mure het Hy bouvalle gemaak, hulle lê daar saam en vergaan.

⁹Sion se poorte is begrawe in puin, die sluitbalke is gebreek en lê aan stukke. Sy koning en sy leiers is weggevoer na die heidene toe. Daar is geen onderrig meer in die wet nie, sy profete ontvang ook geen openbaring meer van die Here nie.

¹⁰Die leiers van Sion sit verslae op die grond, hulle het stof op hulle koppe gegooi en het rouklere aan; die koppe van die jong vroue van Jerusalem hang tot op die grond.

¹¹My oë is gedaan van die huil, dit brand in my, my moed is gebreek, want my volk is plat geslaan; kinders en babatjies sak in mekaar in die strate van die stad.

¹²Hulle soek by hulle moeders iets om te eet en te drink. In die strate van die stad val hulle om soos gewondes, in die arms van hulle moeders blaas hulle die asem uit.

¹³Wat kan ek vir jou sê, waarmee kan ek jou vergelyk, Jerusalem? Wie se lyding kan ek vir jou noem dat ek jou daardeur kan troos, Sion? Jou verwonding is soos die see so groot, wie kan jou genees?

¹⁴Die visioene van jou profete was vals en misleidend: hulle het nie jou sondes blootgelê sodat jou ballingskap afgeweer kon word nie; die openbaringe wat hulle vir jou gegee het, was vals en het tot jou verwerping gelei.

¹⁵Almal wat met die pad verby gaan, slaan die hande saam oor jou, hulle fluit en skud hulle kop oor Jerusalem: “Is dit die stad wat genoem is die beeldskone, 'n vreugde vir die hele wêreld? ”

¹⁶Al jou vyande rek hulle mond oor jou, hulle spot en kry lekker, hulle sê: “Ons het hom verslind, dit is die dag waarvoor ons gewag het, dit het gebeur, ons beleef dit! ”

¹⁷Die Here het gedoen wat Hy Hom voorgeneem het, Hy het die woord in vervulling laat gaan wat Hy lank gelede al afgekondig het. Hy het verwoes en geen genade betoon nie, Hy het die vyand hom oor jou laat vermaak, Hy het aan jou teëstanders die oorwinning gegee.

¹⁸Roep tot die Here, Sion, laat jou trane in strome vloei, dag en nag, moet jou nie rus gun nie, moenie dat jou oë verligting kry nie.

¹⁹Staan dwarsdeur die nag op en roep, stort voor die Here jou hart uit soos water, strek jou hande uit, en bid om die lewe van jou kinders, hulle wat van honger beswyk op die hoeke van die strate.

²⁰Kyk tog, Here, let tog op aan wie U dit gedoen het: vrouens eet hulle eie kinders, kinders wat in teerheid versorg is; priesters en profete word doodgemaak in die heiligdom van die Here!

²¹Jonges en oues lê dood in die strate; jong vroue en jongmanne het deur die swaard geval. U het hulle neergevel op die dag van u toorn, U het 'n slagting aangerig en geen genade betoon nie.

²²U het al my bure uitgenooi om hier 'n bloedige fees te vier. Op hierdie dag van die Here se toorn kon niemand ontvlug of vrykom nie. My kinders wat ek met teerheid versorg en grootgemaak het, is deur my vyande om die lewe gebring.

Klaagliedere 3

Ek hoop op God

¹Ek is die man wat ellende belewe het. Die Here het my met sy toorn geslaan.

²Hy het my die donker in gejaag, my laat loop op 'n pad sonder lig.

- ³Vir my stoot Hy gedurig weg, dag na dag.
- ⁴Hy het my hele liggaam laat wegteer, my bene gebreek.
- ⁵Hy het my toegebou met 'n muur van gif en ontbering rondom my.
- ⁶Hy maak die donker my tuiste, ek is soos dié wat lankal dood is.
- ⁷Hy het 'n muur om my gebou, ek kan nie uitkom nie, Hy het vir my swaar bronskettings aangesit.
- ⁸Al roep ek en al smee ek om hulp, Hy weier om my gebed te verhoor.
- ⁹Hy het my pad met klip toegebou, vir my geen uitkomplek gelaat nie.
- ¹⁰Hy is soos 'n beer wat my inwag, soos 'n leeu wat my voorlê,
- ¹¹Hy het my eenkant toe gekeer en verskeur, my vermink laat lê.
- ¹²Hy het sy boog gespan en my 'n teiken vir sy pyle gemaak.
- ¹³Hy het sy pyle diep in my liggaam ingeskiet.
- ¹⁴Ek word uitgelag deur my hele volk, hulle sing heeldag spotliedjies oor my.
- ¹⁵Hy het my bitter dinge laat sluk, die lewe vir my galbitter gemaak.
- ¹⁶Hy het my gruisklip laat kou, my in die grond getrap.
- ¹⁷Hy het alle rus van my af weggeneem; ek het al vergeet van voorspoed.
- ¹⁸Ek het gedink dit is klaar met my en met my hoop op die Here.
- ¹⁹Die gedagte aan my ellende en my vreemdelingskap is gal en gif vir my;
- ²⁰as ek daaroor nadink, draai my gedagtes vas.
- ²¹Maar dít sal ek ter harte neem en om dié rede bly ek hoop:
- ²²deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan sy ontferming nie,
- ²³dit is elke môre nuut. U trou is groot.
- ²⁴Ek sê vir myself: Die Here is my lewe, daarom hoop ek op Hom.
- ²⁵Die Here is goed vir wie op Hom bly hoop, vir die mens wat na sy wil vra;

- ²⁶dit is goed om geduldig te wag op die hulp van die Here;
- ²⁷dit is goed vir 'n mens om sy las in sy jeug te dra.
- ²⁸Laat hy in sy eensaamheid geduldig bly as God hom die las opgelê het,
- ²⁹laat hy hom diep verootmoedig — miskien is daar hoop —
- ³⁰laat hy sy wang draai vir wie hom slaan, laat hy maar oorvloedig smaad ondervind.
- ³¹Die Here verstoot 'n mens nie vir altyd nie;
- ³²as Hy beproewing oor 'n mens gebring het, ontferm Hy Hom weer, want sy liefde is groot:
- ³³dit is teen sy sin dat Hy mense in ellende en beproewing bring.
- ³⁴Dat al die gevangenes in die land mishandel word,
- ³⁵dat iemand se reg vertrap word voor die Allerhoogste,
- ³⁶dat 'n mens in 'n regsak veronreg word — die Here sien dit raak!
- ³⁷Wie kan iets beplan, en dit gebeur, as die Here nie die bevel gee nie?
- ³⁸Is dit nie op bevel van die Allerhoogste dat die kwaad sowel as die goeie te voorskyn kom nie?
- ³⁹Wat kla 'n mens oor sy lewe? Hy moet liever sy sonde oorwin.
- ⁴⁰Laat ons ons doen en late deeglik ondersoek en ons tot die Here bekeer,
- ⁴¹laat ons met ons hele hart ons hande na God in die hemel uitsteek en bely:
- ⁴²“Ons het sonde gedoen en was opstandig; U het nie vergewe nie.”
- ⁴³U toorn het ontvlam en U het ons agtervolg, U het 'n slagting aangerig en nie genade betoon nie.
- ⁴⁴U het U met 'n wolk omhul sodat geen gebed na U kon deurkom nie,
- ⁴⁵U het ons die uitvaagsel gemaak, die skuim onder die volke.
- ⁴⁶Al ons vyande rek hulle mond oor ons;
- ⁴⁷angs en benoudheid het oor ons gekom, verlatenheid en verwoesting.

- ⁴⁸Die trane loop in strome uit my oë oor die vernietiging van my volk.
- ⁴⁹My trane sal aanhou vloei, dit sal nie ophou nie,
- ⁵⁰totdat die Here uit die hemel afkyk en dit raaksien.
- ⁵¹Wat my oë sien, maak my hartseer oor al die dogters van my stad.
- ⁵²Mense het op my jag gemaak soos op 'n voël, hulle is sonder rede vyandig teenoor my,
- ⁵³hulle het my in 'n put gegooi en klippe op my afgerol om my dood te maak;
- ⁵⁴die water het tot by my kop gestyg, ek het gedink dit is klaar met my.
- ⁵⁵Ek het na U geroep, Here, uit die dieptes uit.
- ⁵⁶U het gehoor hoe ek smee: “Moet tog nie afsydig staan nie, gee uitkoms en red my! ”
- ⁵⁷U het na my toe gekom toe ek geroep het, U het gesê: “Moenie bang wees nie! ”
- ⁵⁸U verdedig my saak, Here, U red my lewe.
- ⁵⁹U sien die onreg teen my, Here, lewer tog uitspraak in my guns,
- ⁶⁰U sien hoe hulle my haat, hoe hulle teen my saamspan.
- ⁶¹U hoor self hoe hulle my beledig, Here, hoe hulle teen my saamspan,
- ⁶²hoe hulle heeldag oor my praat en spot.
- ⁶³Of hulle sit en of hulle staan, hoor hoe sing hulle spotliedjies oor my.
- ⁶⁴Straf hulle, Here, volgens wat hulle gedoen het,
- ⁶⁵laat benoudheid hulle oorval, tref hulle met u vloek,
- ⁶⁶agtervolg hulle in u toorn en verdelg hulle, weg onder u hemel uit.

Klaagliedere 4

Groter as die sonde van Sodom

- ¹Ag, hoe dof het die goud geword, hoe het die goeie goud sy glans verloor! Die gewyde edelstene lê weggegooi op al die hoeke van die strate!

- ²Sion se kosbare inwoners, vroeër so waardevol geag soos suiwer goud — ag, hoe word hulle nou beskou as erdepotte, die werk van 'n pottbakker.
- ³Selfs 'n jakkals gee vir sy kleintjie die speen en laat hom drink, maar my volk het so wreed geword soos volstruise in die woestyn.
- ⁴Die suigeling se tonge sit aan hulle verhemeltes vas van die dors; kindertjies smee om brood maar niemand gee vir hulle iets nie.
- ⁵Mense wat vroeër ryk geëet het, beswyk nou van honger op die strate, mense wat in weelde grootgeword het, lê nou op die vuilgoedhope.
- ⁶Die sonde van my volk is groter as dié van Sodom wat in 'n oomblik vernietig is sonder dat mense daar 'n hand teen uitgesteek het.
- ⁷Die leiers van Sion het meer glans gehad as sneeu, hulle was witter as melk, blakend gesond van kleur, mooi van voorkoms.
- ⁸Maar nou is hulle swarter as roet, hulle word nie eens op die strate herken nie; hulle is net vel en been, uitgedroog, soos hout.
- ⁹Dié wat deur die swaard doodgemaak is, is beter daaraan toe as dié wat van honger omkom, wat wegkwyn en sterwe omdat die lande geen opbrengs het nie.
- ¹⁰Met hulle eie hande het moeders wat vroeër liefdevol was, hulle kinders gekook; dit het hulle kos geword toe my volk ineengestort het.
- ¹¹Die Here het aan sy gramskap vrye teuels gegee, Hy het sy toorn uitgiet, Hy het in Sion 'n vuur aangesteek wat hom tot op sy fundamente verteer het.
- ¹²Geeneen van die konings van die aarde, geen mens ter wêreld sou geglo het dat 'n teëstander of enige aanvaller ooit by Jerusalem se poorte sou inkom nie.
- ¹³Dit het gebeur oor die sondes en oortredinge van die stad se profete en priesters deur wie onskuldige mense daar om die lewe gebring is.
- ¹⁴Profete en priesters het deur die strate gestrompel soos blindes, hulle was bevlek met bloed, niemand wou dit waag om aan hulle klere te raak nie.

¹⁵Mense het vir hulle geskree: “Gee pad! Julle is onrein! Gee pad, gee pad, moenie aan ons raak nie!” En toe hulle vlug en wegstrompel, het ook die heidennasies gesê: “Hulle mag nie hier by ons bly nie!”

¹⁶Die Here self het hulle verstrooi, Hy trek Hom hulle lot nie meer aan nie. Daar is geen meegevoel met die priesters nie, daar word geen genade aan die leiers betoon nie.

¹⁷Ons kyk ons oë moeg om hulp wat nie opdaag nie; van ons wagpos af kyk ons in verwagting uit na 'n nasie wat nie help nie.

¹⁸Ons bewegings word dopgehou, ons kan dit nie op straat waag nie. Ons einde is naby, ons dae is getel, ons einde het aangebreek!

¹⁹Ons agtervolgers was vinniger as die arende in die lug; hulle het in die berge op ons hakke gelê en ons in die woestyn in 'n hinderlaag gelei.

²⁰Ons koning van wie ons lewe afhanklik is, die gesalfde van die Here, is gevang in hulle vanggate, hy van wie ons gedink het dat ons onder sy beskerming sal leef onder die nasies.

²¹Wees gerus maar opgewek en bly, Edom, jy wat in Us woon, maar ook jy sal die oordeelsbeker moet drink, jy sal daarvan dronk word en jouself ontbloot.

²²Die straf vir jou sonde is beëindig, Sion, die Here sal jou ballingskap nie laat voortduur nie; maar jónu sonde gaan Hy straf, Edom, jónu ongeregtigheid gaan Hy aan die kaak stel.

Klaagliedere 5

Sou U ons dan bly vergeet?

¹Slaan tog ag op wat oor ons gekom het, Here, kyk tog en sien self hoe ons verneder is.

²Ons besittings is gevat en aan vreemdes gegee, ons huise aan uitlanders.

³Ons het weeskinders geword, daar is nie vaders nie, ons moeders is soos weduwees.

⁴Ons moet ons eie drinkwater koop, vir ons eie hout moet ons betaal.

- ⁵Ons word gedryf deur ons oorheersers, ons is uitgeput, ons word geen rus gegun nie.
- ⁶Ons het ons hande uitgesteek na Egipte en na Assirië om by hulle kos te bedel.
- ⁷Ons vaders het gesondig, maar hulle is nie meer daar nie, ons word gestraf vir hulle sondes.
- ⁸Ondergeskiktes heers nou oor ons, en niemand kan ons uit hulle mag red nie.
- ⁹Met lewensgevaar moet ons vir ons gaan kos haal, want in die veld word ons doodgemaak.
- ¹⁰Ons vel verskrompel soos iets in 'n oond vanweë die verterende honger.
- ¹¹Vrouens is in Sion verkrag, en jong meisies in die stede van Juda.
- ¹²Leiers is gevat en opgehang, oumense word met minagting behandel.
- ¹³Jongmanne word gedwing om maalwerk te doen, jong seuns struikel onder vragte hout.
- ¹⁴Die oumense sit nie meer in die poorte van die stad nie en die jongmanne maak nie meer daar musiek nie.
- ¹⁵Vrolikheid het uit ons lewe verdwyn, ons koordanse het plek gemaak vir rou.
- ¹⁶Ons het ons aansien verloor, daar het ellende oor ons gekom, want ons het sonde gedoen!
- ¹⁷Dit is die rede vir ons droefheid, vir die swart kringe om ons oë:
- ¹⁸Sionsberg lê so verlate, die jakkalse loop daar rond.
- ¹⁹Maar Ú, Here, U heers vir altyd, u troon staan vas van geslag tot geslag.
- ²⁰Waarom sou U ons dan bly vergeet, ons vir altyd verlaat?
- ²¹Bekeer U ons tot U, Here, dat ons bekeer kan wees, gee ons weer die bestaan van vroeër.
- ²²Of het U ons heeltemal verwerp? Is u toorn oor ons so groot?

Esegiël

Esegiël 1

Die opdrag aan Esegiël

¹Op die vyfde van die vierde maand, in die dertigste jaar, was ek tussen die ballinge aan die Kebarrivier. Die hemel het oopgegaan en ek het gesigte gesien wat van God af kom.

²Dit was op die vyfde van die maand en dit was die vyfde jaar van die ballingskap van koning Jojagin.

³Die woord van die Here het tot die priester Esegiël seun van Busi gekom. Dit het gebeur aan die Kebarrivier in Galdeërland. Die mag van die Here het vir Esegiël daar in besit geneem.

⁴Ek het 'n gesig gesien. Daar het 'n storm uit die noorde gekom, 'n groot wolk. Vlamme het heen en weer geflits en daar was 'n helder skynsel om die wolk. Van binne uit, uit die vuur uit, het dit geblink soos gloeiende wit metaal.

⁵Daaruit het vier wesens te voorskyn gekom. Hulle het 'n mensvormige voorkoms gehad,

⁶maar elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad.

⁷Hulle bene was reguit en hulle voete was soos beeskloue en het geblink soos koper wat opgevryf is.

⁸Onder hulle vlerke aan elk van die vier kante van elkeen was daar menshande. Al vier wesens het gesigte en vlerke gehad.

⁹Die een se vlerke het aan die een langs hom s'n geraak. Die wesens het nie van koers verander wanneer hulle beweeg nie. Elkeen het reg vooruit beweeg.

¹⁰Elkeen het vier gesigte gehad. Die vorms van hulle gesigte was so: voor dié van 'n mens, regs dié van 'n leeu, links dié van 'n bul, en agter dié van 'n arend. Elke wese het dus vier gesigte gehad.

¹¹Sy twee boonste vlerke was oopgesprei en het aan dié van die wesens weerskante geraak; met die twee ander vlerke het hy sy lyf bedek.

¹²Die wesens het reg vooruit beweeg in die rigting waarin die Gees dit wou, en hulle het nie van koers verander wanneer hulle beweeg nie.

¹³Die vorm van die wesens, hulle voorkoms, was soos dié van gloeiende kole vuur; hulle was net soos die vlamme wat heen en weer tussen hulle beweeg het. Die vuur het helder geskyn en blitse het uit die vuur geskiet.

¹⁴Die wesens het soos weerlig heen en weer geskiet.

¹⁵Terwyl ek so na die wesens kyk, sien ek 'n wiel op die grond langs elke wese met sy vier gesigte.

¹⁶Die voorkoms van die wiele en hulle afwerking was soos dié van edelstene. Hulle het eenders gelyk en al vier was so gemaak dat daar 'n wiel dwars binne 'n wiel was;

¹⁷hulle kon in die rigting van enige van hulle vier kante beweeg, maar hulle het nie van koers verander as hulle beweeg nie.

¹⁸Die wiele was groot en indrukwekkend en al vier se vellings was rondom vol oë.

¹⁹Wanneer die wesens beweeg het, het die wiele saam met hulle beweeg, en wanneer die wesens van die grond af opgestyg het, het die wiele ook opgestyg.

²⁰Waarheen die Gees ook al wou, het hulle beweeg, en die wiele het saam opgestyg, want die wesens se gees was in die wiele.

²¹Wanneer die wesens beweeg, beweeg die wiele; wanneer die wesens staan, staan die wiele; wanneer die wesens van die grond af opstyg, styg die wiele saam op, want die wesens se gees was in die wiele.

²²Bokant die wesens se koppe was iets wat gelyk het soos 'n gewelf, blink en skrikwekkend soos 'n ysberg. Die gewelf was bokant hulle koppe oopgespan.

²³Onderkant die gewelf het hulle vlerke gestrek, die een teen die ander, en elkeen het met twee vlerke sy lyf bedek.

²⁴Ek het die geruis van hulle vlerke gehoor. Wanneer hulle beweeg, was dit soos die geruis van 'n sterk waterstroom, soos die stem van die Almagtige, soos

die gedruis van 'n menigte mense bymekaar, soos die gedreun van 'n leërmag. Wanneer hulle tot stilstand kom, het hulle hulle vlerke laat sak.

²⁵Daar het 'n stem gekom van bokant die gewelf bo die wesens se koppe af. Hulle het hulle vlerke laat sak wanneer hulle tot stilstand kom.

²⁶Bokant die gewelf bo hulle koppe was daar iets soos saffier met die vorm van 'n troon, en daarop was 'n gestalte met die voorkoms van 'n mens, hoog daarbo.

²⁷Van wat gelyk het na sy heupe, daarvandaan boontoe, het dit vir my gelyk na die glans van gloeiende wit metaal, na iets soos vuur met 'n rand rondom, en van wat gelyk het na sy heupe, daarvandaan ondertoe, het dit vir my gelyk na vuur met 'n helder glans rondom.

²⁸Die glans rondom was soos dié van die reënboog in 'n wolk na die reën. Dit was soos die magtige verskyning van die Here. Toe ek dit sien, val ek plat en ek hoor 'n stem praat.

Esegiël 2

¹Die stem het vir my gesê: “Mens, staan regop, Ek wil met jou praat.”

²Terwyl Hy met my praat, kom die Gees in my en laat my regop staan. Ek het die stem met my hoor praat.

³Hy het vir my gesê: “Mens, Ek stuur jou na die Israeliete toe, 'n opstandige nasie wat teen My in opstand gekom het. Hulle en hulle voorvaders het hulle teen My verset tot op hierdie dag toe.

⁴Dit is moedswillige en hardkoppige mense na wie toe Ek jou stuur. Jy moet vir hulle sê wat Ek, die Here God, sê,

⁵of hulle luister of nie, want hulle is 'n weerbarstige volk, maar hulle sal agterkom dat daar 'n profeet tussen hulle is.

⁶En jy, mens, moenie vir hulle bang wees nie, ook nie vir wat hulle sê nie, al stuit jy op weerstand, op dorings, al sit jy op skerpioene. Moenie bang wees vir wat hulle sê nie, moenie vir hulle skrik nie. Hulle is 'n weerbarstige volk.

⁷Jy moet vir hulle sê wat Ek sê, of hulle luister of nie, want hulle is weerbarstig.

⁸En jy, mens, luister na wat Ek vir jou sê. Moenie weerbarstig wees soos hierdie weerbarstige volk nie, maak oop jou mond en eet wat Ek jou gee.”

⁹Toe sien ek daar is 'n hand na my toe uitgesteek, en in die hand was 'n boekrol.

¹⁰Die hand het die boekrol voor my oopgerol. Dit was aan albei kante volgeskryf, en wat daarop geskryf was, was klaagliedere, treurliedere en smartroepe.

Esegiël 3

¹Die stem het vir my gesê: “Mens, eet wat voor jou is, eet hierdie boekrol en gaan praat met die mense van Israel.”

²Ek het my mond oopgemaak, en die Here het my die boekrol laat eet.

³Hy het vir my gesê: “Mens, eet die boekrol wat Ek jou gee, eet jou vol.” Ek het dit geëet, en dit was soet soos heuning in my mond.

⁴Toe sê Hy vir my: “Mens, gaan na die mense van Israel toe en sê vir hulle wat Ek sê.

⁵Jy word nie gestuur na 'n volk wat 'n onverstaanbare, moeilike taal praat nie, maar na die mense van Israel toe,

⁶ook nie na baie volke toe met onverstaanbare, moeilike tale sodat jy nie kan verstaan wat hulle praat nie. Het Ek jou maar na hulle toe gestuur! Hulle sou na jou geluister het.

⁷Maar die mense van Israel sal nie na jou wil luister nie, want hulle wil nie eens na My luister nie. Al die mense van Israel is koppig en onversetlik.

⁸Maar Ek maak jou net so onversetlik as wat hulle is, jou kop net so hard as hulle s'n.

⁹Soos diamant, harder as rots, so maak Ek jou kop. Moenie vir hulle bang wees, vir hulle skrik nie. Hulle is 'n weerbarstige volk.”

¹⁰Hy het verder vir my gesê: “Mens, onthou alles wat Ek vir jou sê, luister goed daarna

¹¹en gaan na die ballinge toe, na jou volksgenote toe; spreek hulle aan, sê vir hulle wat Ek, die Here God, sê, of hulle luister of nie.”

¹²Die Gees het my opgetel, en toe hoor ek agter my die gedreun van 'n groot aardbewing en 'n stem: “Die hemel self moet die magtige verskyning van die Here loof! ”

¹³Daar was die geruis van die wesens se vlerke wat aan mekaar geraak het, die gedreun van die wiele daarmee saam en die gedreun van die groot aardbewing.

¹⁴Die Gees het my opgetel en my weggevat, en ek is daar weg, swaarmoedig en ontsteld. Die mag van die Here het my op 'n harde manier in besit geneem.

¹⁵Ek het by die ballinge in Tel-Abib aangekom. Hulle het daar in die omgewing van die Kebarrivier gewoon, en ek het sewe dae lank verskrik daar tussen hulle gesit.

¹⁶Ná die sewe dae het die woord van die Here tot my gekom:

¹⁷“Mens, Ek het jou aangestel as 'n wag vir Israel: jy moet luister na wat Ek sê en hulle namens My waarsku.

¹⁸“Wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy gaan sterwe, en jy waarsku hom nie, jy praat nie en jy waarsku nie die goddelose teen sy bose optrede om hom so in die lewe te hou nie, dan sal hy deur sy sonde sterwe, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.

¹⁹As jy hom waarsku en hy bekeer hom nie van sy goddeloosheid nie, van sy bose optrede nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar jy sal jou eie lewe behou.

²⁰“En wanneer iemand wat tot dusver reg gelewe het, die regte lewe laat vaar en onreg doen, en Ek bring hom tot 'n val, sal hy sterwe. Omdat jy hom nie gewaarsku het nie, sal hy deur sy sonde sterf en sal die goeie dinge wat hy gedoen het, nie onthou word nie, maar Ek sal van jou rekenskap eis vir sy dood.

²¹As jy hom waarsku om nie te sondig nie, en hy sondig nie, sal hy bly lewe omdat hy hom laat waarsku het, en jy sal jou eie lewe behou.”

²²Die mag van die Here het my daar in besit geneem. Hy het vir my gesê: “Gaan na die vallei toe, Ek sal daar met jou praat.”

²³Ek is toe na die vallei toe. Die magtige verskyning van die Here het daar gestaan, net soos ek Hom aan die Kebarrivier gesien het. Ek het platgeval,

²⁴maar die Gees het in my gekom en my regop laat staan. Die Here het met my gepraat, Hy het vir my gesê: “Gaan sluit jou toe in jou huis.

²⁵Mens, jy sal vasgebind word met toue, sodat jy nie tussen die mense kan kom nie.

²⁶Ek laat jou tong aan jou verhemelte vassit, sodat jy nie kan praat nie en hulle nie kan bestraf nie, al is hulle 'n weerbarstige volk.

²⁷Maar wanneer Ek jou die opdrag gee en jou tong losmaak, moet jy vir hulle sê wat Ek, die Here God, sê. Laat dan luister wie wil en laat skouers optrek wie wil: hulle is 'n weerbarstige volk.”

Esegiël 4

Die beleg en val van Jerusalem

¹“Mens, vat 'n baksteen, sit dit voor jou neer en teken daar 'n stad op: Jerusalem.

²Beleër die stad; bou beleëringswerke, gooi 'n beleëringswal teen hom op, slaan 'n kamp op, stel stormramme rondom hom op.

³Vat dan 'n ysterplaat en laat hom 'n ystermuur wees tussen jou en die stad. Kyk na die stad toe. Hy moet beleër wees, en jy moet hom beleër. Dit is 'n teken vir Israel.

⁴“Dan moet jy op jou linkersy gaan lê en die sonde van die volk Israel op jou neem. Jy moet hulle sonde dra die volle getal dae dat jy op jou sy lê.

⁵Soveel jare as wat hulle bly sondig het, soveel dae lê Ek jou op: drie honderd en negentig dae lank moet jy die sonde van die volk Israel dra.

⁶En as jy daarmee klaar is, moet jy op jou regtersy lê en die sonde van die volk Juda dra, veertig dae lank: Ek lê jou 'n dag op vir elke jaar.

⁷“Kyk stip na die beleëring van Jerusalem, dreig die stad, tree as profeet op teen hom.

⁸Ek bind jou met toue vas, sodat jy nie van die een sy op die ander kan draai voor jy klaar is met die beleëring nie.

⁹“Vat koring, gars, boontjies, lensies, sorghum en spelt, sit dit in 'n skottel en maak vir jou kos daarvan. Jy moet daarvan eet so lank jy op jou sy lê, drie honderd en negentig dae lank.

¹⁰Die kos wat jy elke dag moet eet, moet twee honderd en dertig gram weeg, en jy moet dit met tussenposes eet.

¹¹Die water wat jy moet drink, moet afgemeet word: ses honderd en sewentien milliliter. Jy moet dit met tussenposes drink.

¹²Jy moet die kos gebruik in die vorm van brood en dit gaarmaak op die droë uitwerpsel van mense waar almal dit kan sien.

¹³“So sal die Israeliete ook onrein kos eet tussen die nasies waarheen Ek hulle gaan verstrooi, sê die Here.”

¹⁴Toe sê ek: “Ag, Here my God, ek is nooit verontreinig nie, ek het van my jong dae af tot nou toe nie die vleis van diere wat gevrek het of deur roofdiere doodgemaak is, geëet nie, ek het ook nooit my mond gesit aan offervleis wat te lank oorgestaan en onrein geword het nie.”

¹⁵Die Here het vir my gesê: “Jy kan dan maar jou kos gaarmaak op beesmis in plaas van op die uitwerpsel van mense.”

¹⁶Verder het Hy vir my gesê: “Mens, Ek gaan hongersnood bring in Jerusalem. Hulle sal brood volgens gewig eet en met kommer, hulle sal water volgens maat drink en met huiwering.

¹⁷Wanneer hulle broodsgebrek het en dors ly, sal hulle mekaar met skrik aanskou en van hulle sonde vergaan.

Esegiël 5

¹“Mens, vat 'n skerp swaard en gebruik dit vir 'n skeermes en skeer af jou hare en jou baard. Vat dan 'n skaal en deel die hare in drie.

²'n Derde moet jy binne-in die stad verbrand sodra die beleg verby is, 'n derde moet jy met die swaard rondom die stad fynkap, en 'n derde moet jy deur die wind laat wegwaai. Ek sal hulle met die swaard agtervolg.

³Jy moet 'n klompie hare agterhou en in die vou van jou klere toemaak,

⁴en van hulle moet jy nog 'n paar vat en in die vuur gooi en verbrand. Daar sal 'n vuur daarvandaan uitgaan na die hele Israel toe.”

⁵So sê die Here my God: “Hier is Jerusalem tussen die nasies waar Ek hom geplaas het, met ander lande rondom hom.

⁶Maar hy het hom verset teen my bepalings en my voorskrifte, hy was erger as die nasies en die lande rondom hom. Sy inwoners het my bepalings verwerp en het nie volgens my voorskrifte geleef nie.”

⁷So sê die Here my God: “Julle het erger te kere gegaan as die nasies rondom julle toe julle nie volgens my voorskrifte en my bepalings geleef het nie; julle het nie eens volgens die gebruike van die nasies rondom julle geleef nie.

⁸“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek nou ook jou teenstander word, Jerusalem, Ek gaan jou straf voor die oë van die nasies.

⁹Ek gaan oor al jou afskuwelike dade aan jou doen wat Ek nog nie gedoen het nie en nie weer sal doen nie.

¹⁰Vaders sal hulle eie kinders eet in jou, en kinders sal hulle eie vaders eet. Ek gaan jou straf en al jou inwoners wat oorbly, in alle windrigtings verstrooi.

¹¹So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “omdat jy my heiligdom met al jou walglikhede, met al jou afskuwelikhede verontreinig het, gaan Ek jou kaalstroop sonder medelye, sonder genade.

¹²Een derde van jou inwoners sal van pes doodgaan of van honger omkom in jou, een derde sal rondom jou met die swaard doodgemaak word en een derde sal Ek na alle windrigtings toe verstrooi en met die swaard agtervolg.

¹³Dan sal my toorn gekoel wees en sal Ek my woede teen hulle tot bedaring bring en sal Ek tevrede gestel wees. Wanneer Ek so my woede op hulle gekoel het, sal hulle besef dat Ek, die Here, hulle aangespreek het omdat Ek oor hulle begaan was.

¹⁴“Ek maak jou 'n puinhoop, Jerusalem, Ek maak jou die spot van die nasies rondom jou. Almal wat by jou verbygaan, sal dit sien.

¹⁵Die nasies rondom jou sal die spot met jou dryf en jou uitlag, jy sal dien as 'n waarskuwing en 'n afskrikmiddel vir hulle wanneer Ek jou in my toorn en in my woede straf en jou vir jou dade laat boet. Ek, die Here, sê dit.

¹⁶“Wanneer Ek my pyle op julle, inwoners van Jerusalem, afskiet, doen Ek dit juis om julle uit te roei. My pyle is swaar hongersnood waardeur julle uitgeroei sal word, en Ek sal dit al erger laat word, Ek sal julle kos laat opraak.

¹⁷Ek bring hongersnood en 'n roofdierplaag oor julle wat julle kinders sal uitroei; pes en bloedvergieting sal julle tref, Ek bring oorlog oor julle. Ek, die Here, sê dit.”

Esegiël 6

Ek sal teen hulle optree

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, kyk na die berge van Israel toe en tree op as profeet teen hulle.

³Jy moet sê: Berge van Israel, hoor die woord van die Here my God! ” So sê die Here my God vir die berge, vir die heuwels, vir die klowe en vir die valleie: “Ek gaan oorlog oor julle bring, Ek gaan julle hoogtes vernietig,

⁴julle altare verwoes, julle wierookaltare stukkend breek, die mense dood voor hulle afgode laat neerval.

⁵Ek sal die Israeliete se lyke voor hulle afgode gooi, hulle bene rondom die altare strooi.

⁶Waar julle ook al woon, Israeliete, sal die stede in puin gelê word en die hoogtes verwoes word: julle altare sal in puin lê en verwoes wees, julle afgode

sal stukkend gebreek word en verdwyn, julle wierookaltare sal in stukke geslaan word en daar sal niks oor wees van julle handewerk nie.

⁷Wanneer die dooie liggame tussen julle lê, sal julle besef dat Ek die Here is.

⁸“Tog sal Ek party dit laat oorleef, Ek sal party van julle aan die swaard laat ontkom wanneer julle oor baie lande onder die nasies verstrooi word.

⁹Dié van julle wat ontkom het, sal My onthou daar waar hulle ballinge geword het tussen die nasies. Die ballinge sal onthou hoe Ek in my eer aangetas is deur hulle ontroue gesindheid wat hulle van My af laat wegdraai het agter hulle afgode aan en 'n weersin in hulleself kry oor die bose optrede, oor al hulle afskuwelike dade.

¹⁰Hulle sal besef dat Ek die Here is en dat Ek nie verniet gesê het dat Ek hierdie onheil oor hulle sal bring nie.”

¹¹So sê die Here my God: “Slaan jou hande inmekaar, stamp met jou voete, kerm oor al die bose, afskuwelike dade van Israel: hulle gaan sterf deur oorlog, deur hongersnood, deur pes.

¹²Wie ver is, sal aan pes doodgaan; wie naby is, sal in die oorlog val; en wie oor is en behoue gebly het, sal van honger doodgaan. Dan sal my woede op hulle gekoel wees.

¹³Wanneer die lyke tussen hulle afgode lê rondom hulle altare op elke hoë heuwel, op elke bergtop, onder elke groen boom, elke welige groot boom, op elke plek waar hulle geoffer het vir al hulle afgode, sal hulle besef dat Ek die Here is.

¹⁴Ek sal teen hulle optree en die land 'n verlate, skrikwekkende plek maak, van die woestyn af tot by Ribla, oral waar hulle woon. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 7

Die einde kom

¹Die woord van die Here het tot my gekom.

²So sê die Here my God oor die land Israel: “Mens, die einde kom! Die einde kom dwarsoor die land.

³Land, jou einde is daar, want Ek laat my toorn teen jou losbreek, Ek gaan jou straf vir wat jy gedoen het, Ek gaan die straf vir al jou afskuwelike dade oor jou laat kom.

⁴Ek sal jou nie verskoon nie, jou nie jammer kry nie. Ek gaan die straf vir wat jy gedoen het, oor jou laat kom; jou afskuwelike dade sal jou tref. Dan sal jy besef dat Ek die Here is.”

⁵So sê die Here my God: “Daar kom 'n ramp! 'n Groot ramp!

⁶Die einde kom, die einde kom! Dit begin jou tref, dit kom!

⁷Die ergste kom vir jou, inwoner van die land, die tyd kom, die dag is naby, die dag waarop daar nie vreugde nie maar ontsteltenis op die berge sal wees.

⁸Nou, binnekort, laat Ek my woede losbreek teen jou, Ek gaan my toorn op jou koel en jou straf vir wat jy gedoen het, Ek gaan die straf vir al jou afskuwelike dade oor jou laat kom.

⁹Ek sal jou nie verskoon nie, jou nie jammer kry nie. Ek gaan die straf vir wat jy gedoen het, oor jou laat kom; jou afskuwelike dade sal jou inhaal. Dan sal jy besef dat dit Ek, die Here, is wat jou straf.

¹⁰“Die dag is hier, dit kom, die ergste gaan gebeur. Soos die mag toeneem het, het die eiegeregtigheid toeneem.

¹¹Die goddelose heerskappy sal met geweld te doen kry, maar nie van die kant van die inwoners van die land nie, nie deur hulle verset, hulle protes nie, nie deur 'n klag van hulle kant nie.

¹²“Die tyd het gekom, die dag het aangebreek dat die een wat koop, nie bly moet wees nie, en die een wat verkoop, nie spyt nie, want die toorn van die Here rus op almal in die land.

¹³Die verkoper sal wat hy verkoop het, nie terugkry nie, al leef hy en die koper altwee nog. Wat Ek oor almal in die land bekend gemaak het, staan vas: almal is skuldig, niemand sal sy lewe behou nie.

¹⁴Hulle kan maar die ramshoring blaas en alles gereed maak vir die geveg, maar hulle sal nie eens die geveg kan begin nie, want my toorn rus op almal in die land.

¹⁵“Oorlog buite, pes en hongersnood binne: wie buite op die land is, sal in die oorlog sterf; wie in die stad is, sal verteer word deur honger en pes.

¹⁶Dié wat ontkom, sal op die berge skuil en soos die duiwe in die valleie saam sit en kla, elkeen oor sy sonde.

¹⁷Al die hande sal slap hang, daar sal water teen al die knieë afloop;

¹⁸die mense sal rouklere aantrek en skrikbevange raak; elke gesig sal verslae wees, elke kop kaalgeskeer.

¹⁹“Hulle sal hulle silwer op die strate weggooi; hulle goud sal nutteloos wees: hulle silwer en hulle goud kan hulle nie red die dag as die toorn van die Here losbreek nie. Hulle sal hulle honger nie daarmee kan stil en hulle daaraan nie kan vol eet nie. Dit is juis hulle silwer en goud wat hulle in sonde laat verval het:

²⁰hulle was so trots op hulle versiersels, so ingenome daarmee, dat hulle daarvan vir hulle gode gemaak het, afskuwelike, walglike goed. Dit is waarom Ek hulle goud en silwer nutteloos laat word.

²¹“Ek gee dit oor aan vreemdes as buit; die goddeloses van die aarde sal dit roof en ontwy.

²²Ek sal maak of Ek niks sien nie, en hulle sal my kosbare tempel ontwy, rowers sal daar inkom en dit ontwy.

²³Maak gereed die kettings vir die gevangenes, want die land se regters is moordenaars, die stad is vol geweld.

²⁴Ek bring die slegste nasies, hulle sal die huise in die land vat. Ek maak 'n end aan die hoogmoed van die mense met mag, hulle heiligdomme sal ontwy word.

²⁵Wanneer die angs kom, sal hulle vrede soek, maar dié sal daar nie wees nie.

²⁶Ramp op ramp sal kom, gerug op gerug. Hulle sal tevergeefs by die profeet 'n openbaring soek; ook die priester sal nie leiding kan gee nie, en die oumense sal nie raad hê nie.

²⁷Die koning sal treur, die vername mense sal angsbevange wees, die mense in die land sal die hande wring van vrees. Ek gaan aan hulle doen wat hulle verdien, Ek gaan hulle straf soos hulle self mense gestraf het. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 8

Die straf is naby vir Jerusalem

¹Op die vyfde van die sesde maand, in die sesde jaar, het ek in my huis gesit, en die leiers van Juda het voor my gesit. Daar het die mag van die Here my God my toe plotseling in besit geneem.

²Ek het 'n gesig gesien. Daar was 'n mensvormige gestalte. Van wat gelyk het na sy heupe, daarvandaan ondertoe, was hy van vuur en van sy heupe af boontoe het dit gelyk soos blink, gloeiende metaal.

³Hy het iets uitgesteek wat soos 'n hand gelyk het en my aan my hare gevat: die Gees het my in die lug opgetel en my na Jerusalem toe gebring. Dit het gebeur in die gesig wat van God af gekom het. Die Gees het my gebring na die ingang van die poort aan die binnekant, die een wat na die noorde toe kyk, daar waar die afgodsbeeld gestaan het wat soveel heftige toorn veroorsaak het.

⁴Hier het ek die magtige verskyning van die God van Israel weer gesien, net soos die keer in die vallei.

⁵Hy het vir my gesê: “Mens, kyk noord! ” Ek het gekyk, en daar aan die noordekant van die poort by 'n altaar het daardie afgodsbeeld wat toorn veroorsaak, gestaan, by die ingang!

⁶God het vir my gesê: “Mens, sien jy wat doen hulle? Sien jy die vreeslike afskuwelike dinge wat Israel doen, hier ver van my heiligdom af? Maar jy sal nog afskuweliker dinge sien.”

⁷Toe bring Hy my by die poort in die voorhof van die tempel, en daar sien ek 'n gat in die muur.

⁸Hy sê toe vir my: “Mens, breek af die muur! ” Toe ek die muur begin afbreek, sien ek 'n poort.

⁹God het vir my gesê: “Gaan in en kyk die gruwelike, afskuwelike dinge wat hulle hier doen! ”

¹⁰Ek het ingegaan en gekyk. Daar was afbeeldings van allerlei kruipende goed en diere, afskuwelike goed, en van allerlei afgode van Israel wat rondom teen die mure uitgekap is.

¹¹Voor hulle het sewentig van Israel se leiers gestaan, met Jaäsanja seun van Safan tussen hulle, elkeen met sy wierookbak in die hand, en 'n geurige wierookwolk het opgestyg.

¹²God het vir my gesê: “Mens, sien jy wat doen die leiers van Israel in die donker, elkeen in die heiligdom van sy eie afgodsbeeld? Hulle dink: die Here sien ons nie, Hy is nie meer in die land nie.”

¹³Toe sê die Here vir my: “Jy sal nog afskuweliker dinge sien wat hulle doen,”

¹⁴en Hy bring my by die ingang van die poort noord van die huis van die Here. Daar het vrouens gesit en huil oor Tammus.

¹⁵Die Here het vir my gesê: “Sien jy, mens? Maar jy sal nog afskuweliker dinge as hierdie sien.”

¹⁶Hy bring my toe na die binneste voorhof van die huis van die Here toe. Daar in die ingang van die tempel van die Here, tussen die voorportaal en die altaar, was 'n stuk of vyf en twintig man met hulle rug na die tempel van die Here toe en hulle gesig na die ooste toe, en hulle was besig om in aanbidding voor die son neer te val na die ooste toe.

¹⁷Die Here het vir my gesê: “Sien jy, mens? Was dit nie genoeg dat Juda dié afskuwelike dinge hier gedoen het nie? Hulle het boonop die hele land vol geweld gemaak, en dan kom tart hulle My nog met die druiweranke wat hulle voor hulle neuse rondswaai.

¹⁸Ek gaan nou doen wat my gramskap eis, Ek gaan nie verskoon nie, nie jammer kry nie. Al roep hulle hoe hard na My, Ek sal hulle nie hoor nie.”

Esegiël 9

¹Toe hoor ek die Here hard roep: “Die straf is naby vir die stad! Elkeen het sy wapen in die hand vir die vernietiging! ”

²Daar kom toe ses manne van die boonste poort af, die poort wat noord kyk, elkeen met die wapen vir die verwoesting in sy hand. Een van hulle het linneklere aangehad, met 'n skrywersakkie aan sy gordel. Die manne het langs die bronsaltaar kom staan.

³Die magtige teenwoordigheid van die God van Israel het van die gerub af waarbokant dit was, opgestyg en by die tempel se drumpel gaan staan. Die Here het na die man geroep met die linneklere aan en die skrywersakkie aan sy gordel

⁴en vir hom gesê: “Gaan deur die stad, deur Jerusalem, en maak 'n merk op die voorkoppe van almal wat sug en kla oor al die afskuwelike dinge wat in die stad gebeur.”

⁵Ek het gehoor die Here sê vir die ander manne: “Gaan agter hom aan deur die stad en slaan dood! Moenie verskoon nie, moenie jammer kry nie!

⁶Maak dood en roei uit die oumense, die jongmanne en jong vroue, die kinders en vrouens; moet net nie raak aan dié wat die merk het nie. Begin by my heiligdom! ” Hulle het toe begin met die ou manne voor die tempel.

⁷Die Here het vir die manne met die wapens gesê: “Verontreinig die tempel, maak die voorhowe vol lyke. Gaan dan verder.” Hulle het toe verder gegaan en die mense in die stad begin doodmaak.

⁸Terwyl hulle aan die doodmaak was, het ek alleen agtergebly en ek het op my gesig platgeval en geroep: “Ag, Here my God, gaan U al wat van Israel oor is, uitroei terwyl U u toorn teen Jerusalem laat losbreek? ”

⁹Hy het vir my gesê: “Die sonde van Israel en Juda is enorm groot. Die land is vol moord, die stad vol verdraaiing van die reg. Hulle dink: die Here is nie meer in die land nie, die Here sien nie.

¹⁰Daarom sal Ek nie verskoon nie, nie jammer kry nie. Ek sal wat hulle doen, op hulle eie kop laat afkom.”

¹¹Die man met die linneklere aan en die skrywersakkie aan die gordel laat toe weet: “Ek het gedoen wat U my beveel het.”

Esegiël 10

¹Ek sien toe bokant die gewelf bo die koppe van die gerubs iets soos saffier met die vorm van 'n troon. Dit was sigbaar bokant die gerubs.

²Die Here het vir die man in linneklere gesê: “Gaan in tussen die wiele onder die gerubs, maak jou twee hande daar tussen die gerubs vol kole en strooi dit oor die stad.” Die man het gegaan terwyl ek kyk.

³Die gerubs het regs van die tempel gestaan toe die man daar aankom, en die wolk het die binneste voorhof gevul.

⁴Die magtige teenwoordigheid van die Here het van bo die gerubs af opgestyg en bokant die tempel se drumpel gaan staan. Die tempel is gevul met die wolk, en die voorhof was vol van die glans van die magtige teenwoordigheid van die Here.

⁵Die geruis van die gerubs se vlerke kon tot in die buitenste voorhof gehoor word. Dit was soos die gedruis wanneer die almagtige God praat.

⁶Toe Hy die man met die linneklere beveel: “Gaan vat vuur tussen die wiele, tussen die gerubs,” het hy langs 'n wiel gaan staan.

⁷'n Gerub het sy hand daar tussen die gerubs uit na die vuur toe uitgesteek wat tussen die gerubs was, en kole gevat en dit gesit in die twee hande van die man met die linneklere aan. Die man het dit gevat en uitgekom.

⁸Onder die vlerke van die gerubs het iets sigbaar geword; dit het gelyk soos menshande.

⁹Ek het langs die gerubs vier wiele gesien, een langs elke gerub. Die voorkoms van die wiele was dié van edelstene.

¹⁰Hulle het eenders gelyk, en dit was of daar 'n wiel dwars binne 'n wiel was.

¹¹Hulle kon beweeg in die rigting van enige van hulle vier kante, sonder om van koers te verander as hulle beweeg; in die rigting waarheen die voorste gedraai was, het die ander gevolg, en hulle het nie van koers verander as hulle beweeg nie.

¹²Die gerubs se lywe, hulle rûe, hulle hande en vlerke en al vier wiele was rondom vol oë.

¹³Iemand het vir my gesê dit is wiele.

¹⁴Elke gerub het vier gesigte gehad: die eerste was dié van 'n gerub, die tweede dié van 'n mens, die derde dié van 'n leeu, die vierde dié van 'n arend.

¹⁵Die gerubs het opgestyg. Dit was dieselfde wesens as wat ek by die Kebarrivier gesien het.

¹⁶Wanneer die gerubs beweeg het, het die wiele saam beweeg langs hulle, en wanneer die gerubs hulle vlerke gespan het om van die grond af op te styg, het die wiele nie van koers verander nie en langs hulle gebly.

¹⁷Wanneer die gerubs gestaan het, het die wiele gestaan, en wanneer die gerubs opgestyg het, het die wiele opgestyg, want die gees van die wesens was in die wiele.

¹⁸Die magtige teenwoordigheid van die Here het van die tempel se drumpel af beweeg en bokant die gerubs gaan staan.

¹⁹Die gerubs het hulle vlerke gespan en voor my oë van die grond af opgestyg. Toe hulle beweeg, is die wiele saam met hulle. Die gerubs het by die ingang van die oostelike poort van die huis van die Here gaan staan, en die magtige teenwoordigheid van die God van Israel was bokant hulle.

²⁰Dit was dieselfde wesens as wat ek onder die God van Israel gesien het by die Kebarrivier, en ek het besef dit is gerubs.

²¹Elkeen het vier gesigte en vier vlerke gehad, en onder hulle vlerke het dit gelyk of daar menshande is.

²²Hulle gesigte het gelyk soos die gesigte wat ek by die Kebarrivier gesien het. Elke wese het reg vooruit beweeg.

Esegiël 11

¹Die Gees het my opgetel en my gebring na die oostelike poort van die huis van die Here, die poort wat oos kyk. Daar by die ingang van die poort was vyf en twintig man, en tussen hulle het ek vir Jaäsanja seun van Assur en vir Pelatja seun van Benaja gesien, leiers van die volk.

²Die Here het vir my gesê: “Mens, dit is die manne wat die sonde bedink en die slegte leiding in hierdie stad gee.

³Hulle sê: ‘Dit is nie nou tyd om huise te bou nie. Die stad is die pot en ons is die vleis.’

⁴Tree op as profeet teen hulle, tree op as profeet, mens.”

⁵Die Gees van die Here het oor my gekom en vir my gesê: “Jy moet sê: So sê die Here: Julle het dit gesê, Israel, Ek ken die gedagtes wat by julle opkom.

⁶Julle het baie mense in hierdie stad vermoor, julle het sy strate vol lyke gemaak.

⁷“Maar,” so sê die Here my God, “die vleis is die mense vir wie julle in die stad doodgemaak het, en die stad is die pot, en vir julle sal Ek daar uithaal.

⁸Julle is bang vir die swaard, en die swaard sal Ek oor julle bring,” sê die Here my God.

⁹“Ek sal julle uit die stad uithaal en julle in die mag van vreemdes oorgee en julle straf.

¹⁰Julle sal met die swaard doodgemaak word. Ek sal julle straf op die grense van Israel, en julle sal besef dat Ek die Here is.

¹¹Die stad sal nie die pot wees en julle die vleis in hom nie: op die grense van Israel sal Ek julle straf.

¹²Dan sal julle besef dat Ek die Here is volgens wie se voorskrifte julle nie geleef het nie en wie se bepalings julle nie uitgevoer het nie. Maar julle het geleef volgens die gebruike van die nasies rondom julle.”

¹³Terwyl ek besig was om so as profeet op te tree, het Pelatja seun van Benaja gesterf. Ek het op my gesig geval en hard geroep: “Ag, Here my God, gaan U 'n einde maak aan wat van Israel oor is? ”

¹⁴Toe kom die woord van die Here tot my:

¹⁵“Mens, dit is van jou broers, jou familie en die hele Israel dat die inwoners van Jerusalem sê: ‘Hulle is ver van die Here af, en hierdie land is vir ons as besitting gegee.’

¹⁶Daarom moet jy sê: So sê die Here my God: Ek het hulle ver weg gevat na ander nasies toe en hulle oor ander lande verstrooi, maar in dié tyd het Ek self vir hulle 'n heiligdom gebly in die lande waarheen hulle is.

¹⁷“Jy moet sê: So sê die Here my God: Ek gaan julle dan ook nou bymekaarmaak tussen die ander nasies uit, julle versamel uit die ander lande waarheen Ek julle verstrooi het, en vir julle die land Israel teruggee.

¹⁸Hulle sal hierheen kom en al die walglike, afskuwelike goed uit die stad uit verwyder.

¹⁹Ek sal hulle 'n ander hart gee en 'n nuwe gees onder hulle laat posvat, Ek sal die kliphart uit hulle liggaam verwyder en hulle 'n hart van vleis gee.

²⁰Dan sal hulle volgens my voorskrifte leef en my bepalings nakom en daarvolgens optree. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees.

²¹Dié wat die walglike, afskuwelike dinge bly doen, se dade sal op hulle eie kop afkom.” Dit het die Here my God gesê.

²²Toe het die gerubs hulle vlerke gespan, en die wiele het saam met hulle beweeg. Die magtige teenwoordigheid van die God van Israel was bokant die gerubs.

²³Die magtige teenwoordigheid van die Here het uit die stad uit opgestyg en op die berg oos van die stad gaan staan.

²⁴Daarna het die Gees my opgetel en my teruggebring na die land van die Galdeërs toe, na die ballinge toe. Dit het gebeur in die gesig wat ek deur die Gees van God gesien het. Die gesig was toe verby.

²⁵Ek het alles wat die Here my laat sien het, vir die ballinge vertel.

Esegiël 12

Hulle sal in ballingskap gaan

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, jy woon tussen 'n weerbarstige volk. Hulle het oë om te sien, maar hulle sien nie. Hulle het ore om te hoor, maar hulle hoor nie. Hulle is 'n weerbarstige volk.

³Jy, mens, moet die goed vat wat jy saam met jou in ballingskap sou wou neem en vandag nog weggaan van waar jy is na 'n ander plek toe asof jy in ballingskap weggaan. Hulle moet jou dit kan sien doen. Miskien sien hulle dit raak, maar hulle is 'n weerbarstige volk.

⁴Jy moet die goed wat jy in ballingskap sou wou saamvat, vandag uitbring waar hulle dit sien, en vanaand terwyl hulle jou sien, moet jy vertrek asof jy in ballingskap weggaan.

⁵Breek voor hulle oë 'n gat in die muur en gaan daardeur.

⁶Sit die goed voor hulle oë op jou skouers en vertrek in die donker. Maak jou gesig toe sodat jy nie die land sien nie. Ek maak jou 'n teken vir Israel.”

⁷Ek het gedoen wat my beveel is. Ek het die dag my goed wat ek in ballingskap sou wou saamvat, uitgebring en die aand het ek met my hande 'n gat deur die muur gebreek. Ek het in die donker vertrek terwyl ek my goed voor hulle oë op my skouers gedra het.

⁸Die môre het die woord van die Here tot my gekom:

⁹“Mens, die weerbarstige volk Israel het vir jou gevra wat maak jy.

¹⁰Sê vir hulle: So sê die Here my God: Hierdie uitspraak gaan oor die koning in Jerusalem en oor al die Israeliete wat in die stad is.

¹¹“Jy moet sê: ‘Ek is vir julle 'n teken. Soos ek gedoen het, so sal met julle gedoen word.’ “Hulle sal gevangenes word en in ballingskap weggevoer word.

¹²Die koning wat tussen hulle is, sal sy goed in die donker op sy skouers sit en vertrek. Hy sal 'n gat deur die muur breek om deur te gaan en hy sal sy gesig toemaak sodat hy nie die land kan sien nie.

¹³Ek gooi my vangnet oor hom, hy sal gevang word in my net, en Ek sal hom na Babel, na Galdeërland toe bring, maar hy sal dit nie sien nie en sal daar sterf.

¹⁴Almal by hom wat hom help, al sy soldate wat hom help, sal Ek in al die windrigtings verstrooi en hulle met die swaard agtervolg.

¹⁵Wanneer Ek hulle uitmekaargejaag het onder die nasies in en hulle oor baie lande verstrooi het, sal hulle besef dat Ek die Here is.

¹⁶Maar Ek sal 'n paar van hulle laat oorbly ná die oorlog, die hongersnood en die pes sodat hulle van hulle afskuwelike dade kan vertel waar hulle onder die nasies kom en die nasies sal besef dat Ek die Here is.”

¹⁷Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁸“Mens, jy moet jou kos al bewende eet en jou water met ontsteltenis en met kommer drink.

¹⁹En jy moet vir die burgers van die land sê: So sê die Here my God vir die inwoners van Jerusalem, vir die land Israel: Hulle sal hulle kos met kommer

eet en hulle water met huiwering drink, want die land sal gestroop word van alles wat daarin is omdat almal wat daar gewoon het, soveel geweld gepleeg het.

²⁰Die stede wat bewoon is, sal puinhope word en die land sal verlate wees. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Wat Ek gesê het, sal nou gebeur

²¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²²“Mens, wat se spreekwoord is dit wat julle oor die land Israel het? Julle sê: ‘Die tyd gaan verby en daar kom niks van al die gesigte nie.’

²³Sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek maak 'n end aan dié spreekwoord. Hulle sal hom nie weer in Israel gebruik nie. Sê vir hulle: Die tyd kom vinnig nader en so ook die vervulling van elke gesig.

²⁴Daar sal nie meer vertel word van gesigte wat nie daar was nie, en daar sal nie meer gladde waarsêerpraatjies onder Israel wees nie.

²⁵Ek, die Here, sê wat Ek sê, en dit gebeur en word nie meer uitgestel nie. In julle tyd, weerbarstige volk, sê Ek dit, en Ek sal dit doen,” sê die Here my God.

²⁶Die woord van die Here het tot my gekom:

²⁷“Mens, die Israeliete sê: ‘Dié gesig wat hy sien, gaan oor lang tye, hy kondig dinge aan vir die verre toekoms.’

²⁸Sê vir hulle: So sê die Here my God: Niks van wat Ek gesê het, sal meer uitgestel word nie. Wat Ek gesê het, sal nou gebeur,” sê die Here my God.

Esegiël 13

Jou profete is soos jakkalse tussen die puinhope

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, tree jy as profeet op teen die mense wat hulle as profete van Israel voordoën. Sê vir dié mense wat as profete optree uit hulle eie verbeelding: Hoor die woord van die Here!

³So sê die Here my God: Ellende wag vir die verwaande profete wat geen gesigte gesien het nie en hulle deur hulle eie gedagtes laat lei.

⁴Jou profete is soos jakkalse tussen die puinhope, Israel.

⁵Hulle het nie gegaan na waar die muur omgeval het en weer 'n muur om Israel gebou sodat hy staande kan bly in die oorlog wanneer die oordeelsdag van die Here kom nie.

⁶Hulle het gesigte gesien wat nie daar was nie en hulle waarsêery is leuens. Hulle sê: 'Die Here sê' al het Hy hulle nie gestuur nie, en dan verwag hulle dat Hy moet laat uitkom wat hulle sê.

⁷Hulle sien gesigte wat nie daar was nie en hulle verkondig leuens as waarsêery, hulle sê: 'Die Here sê', maar Ek het dit nie gesê nie.

⁸"Daarom," so sê die Here my God, "omdat wat hulle sê, vals is en omdat wat hulle as gesigte sien, leuens is, is Ek hulle teenstander," sê die Here my God.

⁹"Ek tree op teen die profete wat gesigte sien wat nie daar was nie en wat leuens uitgee vir waarsêery. Hulle sal nie plek hê in die vertroulike byeenkoms van my volk nie, nie opgeskryf word in die boek van Israel nie en nie op die grondgebied van Israel kom nie. Dan sal hulle besef dat Ek die Here God is.

¹⁰"Hulle het my volk verlei, hulle het gesê: 'Dit sal goed gaan' toe dit nie sou goed gaan nie, en toe die volk 'n muur bou, het daardie profete dit netjies afgewit.

¹¹"Sê vir dié wat die muur afgewit het wat gaan val: Daar kom stortreëns, Ek laat haelstene val, stormwinde sal losbreek.

¹²Die muur gaan val, en die mense sal vir julle vra: 'Waar is die witsel waarmee julle dit afgewit het? '

¹³"Daarom," so sê die Here my God, "laat Ek stormwinde losbreek in my gramskap, laat Ek stortreëns in my toorn, haelstene in my gramskap kom om alles te vernietig.

¹⁴Ek breek die muur af wat julle so netjies afgewit het, Ek maak hom gelyk met die grond. Sy fondamente sal sigbaar word, hy sal val en julle sal in sy puin aan julle einde kom. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

¹⁵⁻¹⁶Ek sal my gramskap laat uitwoed teen die muur en teen dié wat hom afgewit het en Ek sal vir julle sê: Daar is nie meer 'n muur nie en dié wat hom afgewit het, die profete van Israel, is nie meer daar nie. Dit is hulle wat vir Jerusalem as profete opgetree het, vir die stad gesigte gesien het oor hoe goed dit sou gaan terwyl dit nie goed sou gaan nie.” Dit is wat die Here my God gesê het.

¹⁷“Mens, praat met die vroue van jou volk, dié wat as profete optree uit hulle eie verbeelding, wees jy 'n profeet teen hulle.

¹⁸Jy moet sê: So sê die Here my God: Ellende wag vir dié wat toorbande om hulle gewrigte vaswerk en sluiers van allerlei lengtes aansit om mense in hulle mag te kry. Kan julle my volk in julle mag kry en julle eie lewens behou?

¹⁹Julle het my Naam ontwy onder my volk vir 'n paar handevol gars en 'n paar stukkies brood. Julle het mense doodgemaak wat nie moes gesterwe het nie, julle het mense in die lewe laat bly wat nie moes bly lewe het nie. Julle het dit gedoen deur my volk te belieg, hulle wat so graag leuens hoor.

²⁰“Daarom,” so sê die Here my God, “pluk Ek die toorbande van julle arms af, die bande waarmee julle mense soos voëltjies in julle mag gekry het, en laat Ek die mense vry vir wie julle so in julle mag gekry het.

²¹Ek ruk julle sluiers af en red my volk uit julle mag. Hulle sal nie meer 'n magtelose prooi in julle hande wees nie. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

²²Julle het met julle leuens mense wat my wil wou doen, laat moed verloor; Ek het hulle nie smart aangedoen nie. Julle het goddelose mense aangemoedig om hulle nie van hulle verkeerde lewe te bekeer en so hulle lewens te behou nie.

²³Daarom sal julle nie meer gesigte sien wat nie daar is nie en sal julle nie met julle waarsêery aangaan nie. Ek sal my volk red uit julle mag. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 14

Laat staan julle afgode

¹Daar het van Israel se leiers na my toe gekom en voor my gaan sit.

²Die woord van die Here het toe tot my gekom:

³“Mens, hierdie manne heg waarde aan afgode. Hulle is so in sonde verval dat hulle net ag gee op hulle afgode. Moet Ek My deur hulle laat raadpleeg?

⁴Praat met hulle, sê vir hulle: So sê die Here my God: Wanneer 'n Israëliet waarde heg aan afgode en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe, sal Ek, die Here, met hom praat soos dit by sy afgodery pas.

⁵Ek sal Israel wat My ter wille van al hulle afgode verlaat het, my harde hand laat voel.

⁶“Sê vir Israel: So sê die Here my God: Bekeer julle! Laat staan julle afgode! Hou op met al julle afskuwelike dade!

⁷“Wanneer 'n Israëliet of 'n vreemdeling wat onder Israel woon, van My afvallig word en aan afgode waarde heg en so in sonde verval is dat hy net ag gee op sy afgode, en hy kom na 'n profeet toe om My te raadpleeg, sal Ek, die Here, op my eie wyse met hom praat.

⁸Ek sal so 'n man se teenstander wees en van hom 'n voorbeeld, 'n spot maak, hom van my volk afsny. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

⁹En as 'n profeet hom dan laat verlei om iets te sê, is dit Ek die Here wat hom verlei het, maar tog sal Ek my hand teen hom uitsteek en hom tussen my volk Israel uit verdelg.

¹⁰Hulle sal die straf op hulle sonde dra: die man wat My raadpleeg en die profeet het ewe veel skuld.

¹¹Dan sal Israel nie weer van My af wegdwaal en hulle nie weer verontreinig met al hulle opstandige dade nie. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees,” sê die Here my God.

¹²Die woord van die Here het tot my gekom:

¹³“Mens, wanneer 'n land teen My sondig en heeltemal troueloos word, en Ek steek my hand teen hom uit en vat sy kos weg en bring hongersnood in hom en Ek roei mens en dier uit hom uit,

¹⁴sou selfs daardie drie manne van ouds, Noag, Daniël en Job wat volgens my wil geleef het, net hulleself in die lewe kon hou, sê die Here my God.

¹⁵Of as Ek ongediertes die land laat oorval, en hulle maak die mense dood, sodat die land verlate word, en niemand daar langs trek nie as gevolg van die ongediertes,

¹⁶sou so seker as Ek leef, sê die Here my God, dié drie manne as hulle daar was, nie hulle kinders kon red nie. Hulle sou net self gered word, maar die land sou verlate wees.

¹⁷Of as Ek oorlog oor daardie land bring en die swaard beveel om die land deur te gaan en Ek mens en dier uit die land uitroei,

¹⁸sou so seker as Ek leef, sê die Here my God, dié drie manne as hulle daar was, nie hulle kinders kon red nie. Hulle sou net self gered kon word.

¹⁹Of as Ek pes oor daardie land stuur en Ek my toorn daarteen laat losbreek om mens en dier daar uit te roei in 'n groot slagting,

²⁰sou so seker as Ek leef, sê die Here my God, Noag, Daniël en Job as hulle daar was, nie eens 'n enkele seun of dogter kon red nie; hulle sou net hulleself in die lewe kon hou omdat hulle volgens my wil geleef het.”

²¹So sê die Here my God: “Selfs wanneer Ek my vier swaar strawwe teen Jerusalem stuur, oorlog, hongersnood, ongediertes en pes om mens en dier daar uit te roei,

²²sal daar tog 'n klompie seuns en dogters oorbly wat vrygekom het. Hulle sal na julle toe kom en julle sal hulle optrede en hulle dade sien en verstaan waarom Ek die ramp oor Jerusalem gebring het, alles wat Ek oor hom gebring het.

²³Julle sal verstaan as julle hulle optrede en hulle dade sien en julle sal besef dat wat Ek aan die stad gedoen het, Ek nie gedoen het sonder dat hy dit verdien het nie,” sê die Here my God.

Esegiël 15

Die vuur sal hulle verteer

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, wat is wingerdhout beter as die kreupelhout tussen die bome in die bos?

³Word dit gebruik om iets van te maak, of gebruik iemand 'n stuk daarvan vir 'n pen om enigiets aan op te hang?

⁴Nee, dit word in die vuur gegooi om te brand. En as die twee punte gebrand is en die middel is geskroei, deug dit dan nog vir iets?

⁵Ook toe dit nog ongeskonde was, kon jy nie iets daarvan maak nie, en as dit gebrand en geskroei is, kan jy dit dan nog gebruik om iets te maak? ”

⁶So sê die Here my God: “Van al die hout gooi Ek die wingerdhout in die vuur om te brand en so maak Ek met die inwoners van Jerusalem.

⁷Ek word hulle teenstander. Hulle kom uit die vuur, maar die vuur sal hulle verteer. Wanneer Ek hulle teenstander word, sal hulle besef dat Ek die Here is.

⁸Ek maak die land verlate, want hulle was troueloos,” sê die Here my God.

Esegiël 16

Jerusalem het hom eerloos gedra

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, sê vir Jerusalem wat se afskuwelike dinge hy gedoen het.

³Jy moet sê: So sê die Here my God vir Jerusalem: Kanaän is die land van jou herkoms en jou geboorte. Jou pa was 'n Amoriet, jou ma 'n Hetiet.

⁴Toe jy gebore is, is jou naelstring nie afgesny nie, jy is nie gebad nie, nie met sout ingevryf nie en nie in doeke toegedraai nie.

⁵Niemand was oor jou besorg of het soveel vir jou oorgehad dat hy een van dié dinge vir jou gedoen het nie. Jy is met afsku behandel en in die veld weggegooi die dag toe jy gebore is.

⁶“Toe het Ek verbygekom en jou in jou bloed sien spartel. Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef!’ Ja, Ek het vir jou daar waar jy in jou bloed gelê het, gesê: ‘Leef,

⁷groe!’ ” “Ek het jou soos 'n veldplant laat groei, en jy het gegroei en grootgeword. Jy het 'n pragtige meisie geword, jou borste het styf geword en jou hare lank. Maar jy was kaal, jy het nie klere gehad nie.

⁸Toe Ek by jou verbykom en sien dat jy volwasse begin word, het Ek jou onder my sorg geneem en vir jou klere aangetrek. Ek het My met 'n eed aan jou verbind en met jou 'n verbond aangegaan, sê die Here my God. Jy het Myne geword.

⁹Ek het jou gebad, die bloed van jou afgewas en jou met olie ingesmeer.

¹⁰Ek het vir jou 'n veelkleurige rok aangetrek en skoene van gebreide vel, Ek het vir jou klere laat dra van linne en ander kosbare stof.

¹¹Ek het jou getooi met juwele: vir jou armbande en halssnoere aangesit,

¹²'n ring aan jou neus, hangertjies aan jou ore en 'n pragtige krans op jou kop.

¹³Jy kon jou tooi in goud en silwer, jou klee in linne, kosbare stof, veelkleurige materiaal; jou kos was fynmeel, heuning en olie. Jy het baie mooi geword, geskik om 'n koningin te wees.

¹⁴Jy het onder die nasies beroemd geword om jou skoonheid. Dit was 'n volmaakte skoonheid, die gevolg van die prag waarmee Ek jou uitgerus het,” sê die Here my God.

¹⁵“Maar toe verlaat jy jou op jou skoonheid, jy gebruik jou beroemdheid om 'n slet te word en jy stel jouself vrylik tot beskikking van enigiemand wat verbykom, jy word syne.

¹⁶Jy het van jou klere gevat en vir jou veelkleurige hoogtes gemaak en daar jou afgodery bedryf, iets heeltemal ongehoords.

¹⁷Jy het jou juwele gevat, van my goud en my silwer wat Ek vir jou gegee het, en vir jou mansbeelde gemaak en met hulle jou afgodery bedryf.

¹⁸Jy het jou veelkleurige rok gevat en dit vir hulle aangetrek, jy het my olie en my wierook voor hulle neergesit.

¹⁹Ek het jou gevoed met fynmeel, olie en heuning, maar jy het die kos wat Ek vir jou gegee het, voor hulle neergesit as offers met 'n aangename geur. Ja, dit is wat gebeur het, sê die Here my God.

²⁰Jy het jou seuns en jou dogters wat jy vir My in die wêreld gebring het, gevat en hulle vir die afgode as offermaaltye aangebied. Was jou ontrou nie genoeg nie,

²¹dat jy ook nog my kinders moes slag en hulle vir die afgode moes laat verbrand?

²²Met al dié afskuwelike dade van jou, met jou ontrou het jy nie onthou van jou jeug toe jy kaal en sonder klere in jou bloed gelê en spartel het nie.

²³“Ellende, ellende wag vir jou,” sê die Here my God. “Nadat jy so sleg geword het,

²⁴het jy boonop op elke oop plek vir jou 'n offerbult gebou, vir jou 'n hoogte ingerig.

²⁵By elke kruispad het jy vir jou 'n hoogte ingerig en van jou skoonheid iets afskuweliks gemaak. Jy het gretig gelê en wag vir elkeen wat verbykom; jy het aanmekaar bly hoereer.

²⁶Jy het gehoereer met jou goedbedeelde bure, die Egiptenaars, jy het aanmekaar bly hoereer en My bly uittart.

²⁷Ek het my hand teen jou uitgesteek en jou regte ingekort en jou oorgelaat aan die willekeur van jou vyande, die Filistyne. Selfs hulle het hulle geskaam oor jou skandelijke gedrag.

²⁸Toe het jy met die Assiriërs gehoereer, want jy was nog nie bevredig nie; jy het met hulle gehoereer, maar ook toe is jy nie bevredig nie.

²⁹Jy het aanmekaar bly hoereer met die Galdese handelaars, maar ook dit het jou lus nie bevredig nie.

³⁰Jou koors was hoog toe jy dit alles gedoen het,” sê die Here my God. “Jy het jou gedra soos 'n skaamtelose hoer.

³¹Jy het by elke kruispad vir jou 'n offerbult gebou, op elke oop plek 'n hoogte. Maar jy was nie eens soos 'n gewone prostituut nie, jy het jou neus opgetrek vir betaling.

³²Jy is soos 'n immorele vrou wat ander mans ontvang en nie haar eie man nie.

³³Al die prostitute kry betaling, maar jy betaal jou minnaars, van oral af lok jy hulle met geskenke na jou toe om met jou te hoereer.

³⁴Jy het met jou hoerery juis die teenoorgestelde gedoen van wat ander vrouens doen: niemand het agter jou aangeloop nie; jy het betaal, jy is nie betaal nie. Jy is net die teenoorgestelde.

³⁵“Daarom, hoer, hoor die woord van die Here! ”

³⁶So sê die Here my God: “Jy het jou eerloos gedra, jou sonder skaamte ontbloot om met jou minnaars te hoereer, met al jou afskuwelike afgode. Jy het vir hulle die bloed van jou kinders gegee.

³⁷Daarom gaan Ek al jou minnaars bymekaarbring, almal van wie jy gehou het, almal vir wie jy lief was en ook almal van wie jy nie gehou het nie. Ek gaan hulle van oral af rondom jou bymekaarbring en dan gaan Ek jou ontbloot voor hulle sodat hulle na jou kan kyk terwyl jy heeltemal kaal is.

³⁸Ek gaan jou straf soos vrouens gestraf moet word wat owerspel en moord gepleeg het. Ek laat jou die moorde voel, die gramskap, die woede.

³⁹Ek gee jou oor in die mag van jou minnaars. Hulle sal jou offerbulte afbreek, jou hoogtes verwoes. Hulle sal jou klere uittrek, jou juwele afvat en jou kaal, sonder klere daar laat staan.

⁴⁰Hulle sal 'n vergadering bymekaarroep om jou te veroordeel, hulle sal jou met klippe doodgooi en jou met hulle swaarde in stukke kap,

⁴¹hulle sal jou huise afbrand. So sal hulle jou vonnis voltrek ten aanskoue van al die vrouens. Ek maak 'n end aan jou hoerery. Jy sal nie weer geskenke uitdeel nie.

⁴²“Eers wanneer Ek my gramskap teen jou laat uitwoed het, my woede op jou gekoel het, sal Ek bedaar en nie meer bitter wees nie.

⁴³Jy het die tyd van jou jeug vergeet en My woedend gemaak, en Ek het wat jy gedoen het, op jou kop laat afkom,” sê die Here my God. “By al jou afskuwelike dade het jy boonop nog dié aanstootlike dinge gedoen.

⁴⁴“Almal wat van spreekwoorde hou, sal oor jou ook een hê: ‘Die dogter is soos die ma.’

⁴⁵Jy is jou ma se dogter. Sy het 'n weersin gehad in haar eie man en kinders. Jy is jou susters se suster. Hulle het 'n weersin gehad in hulle mans en kinders. Julle ma was 'n Hetiet en julle pa 'n Amoriet.

⁴⁶Jou ouer suster is Samaria. Sy en haar dogters woon noord van jou. Jou suster wat jonger as jy is, is Sodom. Sy en haar dogters woon suid van jou.

⁴⁷Jy het nie net min of meer hulle voorbeeld gevolg en hulle afskuwelike dade nagedoen nie, jy was erger as hulle met alles wat jy gedoen het.

⁴⁸So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “jou suster Sodom en haar dogters het nie gedoen wat jy en jou dogters gedoen het nie.

⁴⁹Jou suster Sodom se sonde was dat sy en haar dogters selftevrede en rustig in hoogmoed en oorfloed geleef het en vir die mens in nood en die arme niks oorgehad het nie.

⁵⁰Hulle was hooghartig en het voor my oë afskuwelike dinge gedoen. Daarom het Ek hulle laat verdwyn, soos jy gesien het.

⁵¹Samaria het nie die helfte van die sondes gedoen wat jy gedoen het nie. Jy het baie meer afskuwelike dinge gedoen as hulle. Teenoor al die afskuwelike dinge wat jy gedoen het, lyk dit of jou susters 'n goeie lewe gelei het.

⁵²Dié skande moet jy ook nog dra, dat jy met jou sonde vir jou susters ingestaan het: jy het afskuweliker dinge as hulle gedoen en dit laat voorkom asof hulle in vergelyking met jou 'n goeie lewe gelei het. Jy moet nou die skande en skaamte dra dat jy aan jou susters die skyn van onskuld besorg het.

⁵³Ek gaan hulle lot verander, die lot van Sodom en haar dogters en die lot van Samaria en haar dogters, en joune daarmee saam.

⁵⁴So sal jy jou skande dra en jou moet skaam oor wat jy alles gedoen het wat hulle bevoordeel het.

⁵⁵Dit sal met jou susters Sodom en Samaria en met hulle dogters weer gaan soos vroeër, net soos met jou en jou dogters.

⁵⁶Jy het jou mond vol gehad oor jou suster Sodom. Dit was die tyd toe jy nog vol verwaandheid was,

⁵⁷voordat dit bekend geword het hoe sleg jy is. Nou is dit die Arameërs en almal in hulle omgewing, en ook die Filistyne wat jou verag en jou van alle kante loop en spot.

⁵⁸Jy dra nou die straf op jou afstootlike, afskuwelike dade, sê die Here.”

⁵⁹So sê die Here my God: “Ek het met jou gemaak soos jy gemaak het. Jy het die eed waaraan jy gebind was, met minagting behandel en die verbond verbreek.

⁶⁰Maar Ek sal die verbond weer laat geld wat Ek met jou in jou jeug gesluit het en Ek sal dit altyd in stand hou.

⁶¹Jy sal dink aan jou gedrag en jou skaam wanneer Ek jou susters vat, die een ouer as jy en die een jonger as jy, en hulle vir jou as dogters gee, al sal hulle nie deel in my verbond met jou nie.

⁶²Ek sal my verbond met jou in stand hou, en jy sal besef dat Ek die Here is.

⁶³Jy sal daaraan dink en jou skaam. Jy sal van skaamte nie weer jou mond oopmaak nie, want Ek gaan My met jou versoen ten spyte van alles wat jy gedoen het,” sê die Here my God.

Esegiël 17

Ek maak groot bome klein en klein boompies groot

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, jy moet vir Israel 'n fabel, 'n gelykenis, vertel.

³Jy moet vir hulle sê: So sê die Here my God: “Die groot arend met die groot vlerke, die lang vlerkpenne en die digte, bont vere het na die Libanon toe gekom en die top van die seder weggevat.

⁴Hy het die boonste takkie afgepluk, dit na die land van die handelaars toe gebring en dit daar in die stad van die smouse gaan neersit.

⁵Daarna het hy 'n steggie uit Israel gevat en dit in die grond gesit waar daar baie water was en waar dit kon floreer.

⁶Die steggie het gegroei en 'n wingerdstok geword wat welig was maar laag op die grond moes bly met sy blare na die arend toe gedraai en sy wortels onder hom. Dit het 'n wingerdstok geword, ranke gemaak en lote uitgeskiet.

⁷Daar kom toe nog 'n groot arend met groot vlerke en baie vere, en die wingerdstok draai sy wortels na dié arend toe en stuur sy ranke in dié se rigting sodat die arend vir hom nog meer water kan gee as wat daar was op die plek waar hy geplant was.

⁸Hy was geplant in goeie grond, by baie water; hy kon ranke maak en druiwe dra, hy kon 'n pragtige wingerdstok geword het.

⁹“Jy moet sê: So sê die Here my God: “Sal dit goed gaan met die wingerdstok? Gaan die eerste arend dan nie sy wortels uittrek en sy vrugte vernietig sodat al sy druiwe verdroog wat aan die ryp word was nie? Daar is nie groot mag en baie mense nodig om hom met wortels en al uit te trek nie.

¹⁰Hy is geplant, maar sal hy goed groei? Sal hy nie heeltemal verdor wanneer die oostewind hom tref nie? Hy sal verdroog op die plek waar hy gegroei het.”

¹¹Die woord van die Here het tot my gekom:

¹²“Jy moet vir hierdie weerbarstige volk vra: Weet julle nie wat dit beteken nie? “Jy moet sê: Die koning van Babel het na Jerusalem toe gekom, die koning en die amptenare van die stad gevat en na hom toe in Babel gebring.

¹³Daarna het hy iemand uit die koninklike geslag gevat, met hom 'n ooreenkoms gemaak en hom 'n eed van trou laat sweer. Die koning van Babel het die vooraanstaande mense uit die land weggevat

¹⁴sodat die koninkryk swak sou wees en nie in opstand sou kom nie en sodat daar aan die ooreenkoms gehou sou word en dit sou bly bestaan.

¹⁵Maar die nuwe koning van Jerusalem het in opstand gekom teen die koning van Babel en gesante na Egipte toe gestuur om perde en baie manskappe te vra. Maar sal hy slaag met sy onderneming? Sal hy vrykom as hy so iets doen? Sal hy vrykom as hy die ooreenkoms verbreek?

¹⁶“So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “hy sal binne-in Babel sterf, in die stad van die koning wat hom koning gemaak het. Hy het sy eed van getrouheid aan daardie koning geminag en die ooreenkoms met hom verbreek.

¹⁷Die farao sal nie in die geveg help met 'n groot leërmag, met baie manskappe nie. Inteendeel, daar sal 'n beleëringswal teen Jerusalem opgegooi word en beleëringswerke gebou word met die doel om baie mense uit te roei.

¹⁸Die koning het sy eed van getrouheid geminag en die ooreenkoms verbreek. Hy het 'n plegtige onderneming gemaak en toe tog al hierdie dinge gedoen: hy kan nie vrykom nie.”

¹⁹So sê die Here my God: “So seker as Ek leef, Ek laat hom die gevolge dra daarvan dat hy die eed van getrouheid aan My geminag en die verbond met My verbreek het.

²⁰Ek gooi my vangnet oor hom, hy word gevang in my net, en Ek bring hom na Babel toe waar Ek hom sal laat boet vir sy ontrou aan My.

²¹Al sy soldate wat saam met hom sal probeer vlug, sal met die swaard doodgemaak word, en dié wat oorbly, sal in alle windrigtings verstrooi word. Dan sal hulle besef dat dit Ek, die Here, is wat gepraat het.”

²²So sê die Here my God: “Ek vat die top van die hoë seder weg en plant hom, Ek pluk die sagte boonste takkie af en plant hom op 'n hoë berg.

²³Ek plant hom hoog op die bergland van Israel waar hy takke sal maak en saad sal skiet. Hy sal 'n pragtige seder word, en in hom sal al die voëls woon; al wat vlerke het, sal in die skaduwee van sy takke nes maak.

²⁴Al die bome in die veld sal weet dat Ek die Here is. Ek maak groot bome klein en klein boompies groot, Ek laat groen bome verdroog en droë bome bot. Ek, die Here, het dit gesê en Ek sal dit doen.”

Esegiël 18

Dit is die mens wat sondig wat sal sterf

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Waarom gebruik julle in die land Israel hierdie spreekwoord: “ ‘Die vaders eet groen duiwe, en dan word die kinders se tande stomp’?

³“So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “julle sal nie meer dié spreekwoord in Israel gebruik nie.

⁴Al die mense behoort aan My, vaders en kinders is Myne. Dit is die mens wat sondig wat sal sterf.

⁵Wie wil leef volgens my wil, sal reg laat geskied en reg doen:

⁶“hy sal nie aan die offermaaltye op die berge deelneem nie, hy sal nie hulp soek by die afgode van die volk Israel nie, hy sal nie 'n ander se vrou onteer nie, hy sal nie aan 'n vrou raak wat menstrueer nie,

⁷hy sal niemand verdruk nie, hy sal goed wat hy in pand geneem het, teruggee, hy sal niemand beroof nie, hy sal van sy kos gee vir dié wat honger is, hy sal klere gee vir dié wat nie klere het nie,

⁸hy sal nie geld op rente uitleen nie en nie woekerwins vat nie, hy sal hom van onreg weerhou en reg laat geskied in sake tussen mense,

⁹hy sal lewe volgens my voorskrifte, my bepalings gehoorsaam en hulle getrou nakom. “So iemand leef volgens my wil en hy sal bly lewe,” sê die Here my God.

¹⁰“Maar so iemand kan 'n wilde seun hê wat moord pleeg of van dié sondes doen

¹¹terwyl die pa dit nie gedoen het nie. As die seun aan die offermaaltye op die berge deelneem, 'n ander se vrou onteer,

¹²die mens in nood en die arme verdruk, mense beroof, goed wat hy in pand geneem het, nie teruggee nie, hulp soek by afgode en so afskuwelike dade pleeg,

¹³geld op rente uitleen of woekerwins vat, kan hy nie bly lewe nie. Hy sal nie bly lewe nie, hy het al hierdie afskuwelike dinge gedoen en hy moet dood. Hy verdien die dood.

¹⁴“Maar so 'n seun kan op sy beurt 'n seun hê, en dié kan al die sonde sien wat sy pa doen en My dien en nie sulke sondes doen nie.

¹⁵Hy neem nie deel aan die offermaaltye op die berge nie, soek nie hulp by die afgode van die volk Israel nie, onteer nie 'n ander se vrou nie,

¹⁶verdruk niemand nie, vat niks in pand nie, beroof niemand nie, gee van sy kos vir dié wat honger is, gee klere vir dié wat nie het nie,

¹⁷weerhou hom van verdrukking, vat nie rente of woekerwins nie, doen wat Ek bepaal en lewe volgens my voorskrifte. So iemand sal nie sterf vir sy pa se sondes nie, hy sal bly lewe.

¹⁸Maar sy pa sal sterf vir sy eie sonde. Hy het mense verdruk en beroof en het verkeerde dinge gedoen tussen sy mense.

¹⁹“Julle vra waarom die seun nie die straf op sy pa se sonde kan dra nie? Omdat die seun reg laat geskied en reg leef. Hy is gehoorsaam aan al my voorskrifte en hy voer hulle uit, en daarom sal hy bly lewe.

²⁰Die mens wat sondig, sal sterwe. 'n Seun sal nie die straf op sy pa se sonde dra nie, en 'n pa sal nie die straf op sy seun se sonde dra nie. Wie leef volgens my wil, sal die vrugte daarvan pluk. Wie goddeloos is, sal die straf daarvoor dra.

²¹“Maar die goddelose wat hom van al sy sondes bekeer, al my voorskrifte nakom, reg laat geskied en reg doen, sal bly lewe, hy sal nie sterwe nie.

²²Nie een van sy oortredings wat hy begaan het, sal teen hom gehou word nie. Hy sal bly lewe op grond van die reg wat hy doen.

²³Dit is beslis nie my wil dat die goddelose moet sterf nie, sê die Here my God, dit is my wil dat hy hom bekeer van sy verkeerde dade en dat hy bly lewe.

²⁴“En as iemand wat altyd my wil gedoen het, ophou om dit te doen en onreg pleeg en die afskuwelike dinge doen wat die goddelose doen, sal hy nie bly lewe nie. Nie een van die goeie dinge wat hy gedoen het, sal in sy guns tel nie, want hy het ontrou geword en hy sal sterf op grond van sy sonde wat hy gedoen het.

²⁵“Julle sê: ‘Die Here tree nie reg op nie.’ Luister, Israel, tree Ék nie reg op nie? Dit is julle wat nie reg optree nie!

²⁶As iemand wat altyd my wil gedoen het, ophou om dit te doen en onreg pleeg en op grond daarvan sterf, sterf hy op grond van die onreg wat hy gepleeg het.

²⁷En as 'n goddelose hom bekeer van sy goddelose optrede en hy laat reg geskied en doen reg, hou hy hom in die lewe.

²⁸Omdat hy tot insig gekom het en hom bekeer het van al sy oortredings wat hy begaan het, sal hy bly lewe, hy sal nie sterwe nie.

²⁹En dan sê Israel: 'Die Here tree nie reg op nie.' Is dit Ek wat nie reg optree nie, Israel? Dit is julle wat nie reg optree nie!

³⁰"Ek gaan julle oordeel, Israel, elkeen volgens sy eie optrede," sê die Here my God. "Bekeer julle, bekeer julle van al julle oortredings, sodat die sonde nie julle val bewerk nie.

³¹Laat vaar al julle oortredings en kry 'n nuwe gesindheid, 'n nuwe gees. Waarom wil julle sterf, Israel?

³²Dit is nie my wil dat die mens moet sterf nie," sê die Here my God, "maar dat hy hom bekeer en bly lewe."

Esegiël 19

'n Treurlied oor die konings van Israel

¹"Jy moet hierdie treurlied sing oor die konings van Israel.

²Jy moet sê: "Wat 'n leeuwyfie was jou ma nie tussen die leeus nie! Haar lêplek was tussen die jong leeus, daar het sy haar welpies grootgemaak.

³Sy het een van haar welpies grootgemaak en hy het 'n jong leeu geword. Hy het geleer om sy prooi te vang en selfs 'n mensvreter geword.

⁴Maar die nasies het van hom gehoor en hom in 'n vanggat gevang. Hulle het hom met hake na Egipte toe gesleep.

⁵"Toe die leeuwyfie sien sy kry nie haar sin nie en dit is klaar met die verwagting wat sy gehad het, vat sy nog een van haar welpies en maak van hom ook 'n jong leeu.

⁶Hy het tussen die leeus rondgestap en 'n jong leeu geword. Hy het geleer om sy prooi te vang en selfs 'n mensvreter geword.

⁷Hy het hulle weduwees vir hom gevat en hulle stede verwoes. Die land en almal daarin was verskrik vir sy gebrul.

⁸Die mense het die nasies in die lande rondom teen hom aangehits, en dié het hulle vangnet oor hom gegooi en hom in 'n vanggat gevang.

⁹Hulle het hom in 'n hok gesit en hom met hake na die koning van Babel toe gesleep. Hulle het hom daar gevange laat hou sodat hulle nie weer sy brul sou hoef te hoor op die berge van Israel nie.

¹⁰“Jou ma was soos 'n wingerdstok wat langs die water geplant is. Van die baie water het hy druiwe en ranke gehad.

¹¹Hy het sterk lote gehad, geskik vir koninklike septers. Hy het hoog gegroei, tot by die wolke, en jy kon hom uitken aan sy hoogte en sy baie ranke.

¹²Maar hy is in woede uitgeruk en op die grond neergegooi. Die oostewind het hom uitgedor en sy vrugte is afgepluk. Sy sterk lote het verdroog en is verbrand.

¹³Toe word die wingerdstok in die woestyn geplant, in 'n droë dorsland,

¹⁴maar daar het vuur uit die lote gekom en sy ranke en vrugte verteer. Toe was daar nie meer sterk lote aan die wingerdstok, geskik vir koninklike septers nie.” Dit is 'n treurlied hierdie. Dit het 'n treurlied geword.

Esegiël 20

Ek handel soos die eer van my Naam dit vereis

¹Op die tiende van die vyfde maand, in die sewende jaar, het daar van die leiers van Israel gekom om die Here te raadpleeg. Hulle het voor my kom sit,

²en toe kom die woord van die Here tot my:

³“Mens, praat met die leiers van Israel. Sê vir hulle: So sê die Here my God: Het julle gekom om My te raadpleeg? So seker as Ek leef, Ek laat My nie deur julle raadpleeg nie, sê die Here my God.

⁴Oordeel jý oor hulle, mens, oordeel jý. Vertel vir hulle van die afskuwelike dinge wat hulle voorvaders gedoen het.

⁵Jy moet vir hulle sê: So sê die Here my God: Die dag toe Ek Israel, die nageslag van Jakob, gekies het en My met 'n eed aan hulle verbind het, het Ek My aan hulle bekend gemaak in Egipte. Ek het My met 'n eed aan hulle verbind en gesê: ‘Ek, die Here, is julle God.’

⁶Ek het My daardie dag met 'n eed verbind om hulle uit Egipte uit te bring na 'n land toe wat Ek vir hulle verken het, 'n land wat oorloop van melk en heuning, 'n sieraad onder al die lande.

⁷Ek het vir hulle gesê: 'Gooi weg die afstootlike afgode, moet julle nie verontreinig met Egipte se afgode nie. Ek, die Here, is julle God.'

⁸Maar hulle het hulle teen My verset, hulle wou nie na My luister nie. Hulle het nie hulle afstootlike afgode weggegooi nie en het nie afgesien van Egipte se afgode nie. Ek het gedink Ek sal my toorn oor hulle laat losbreek en my woede op hulle koel daar in Egipte,

⁹maar Ek het gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor die oë van die nasies tussen wie my volk gewoon het nie, en toe het Ek My bekend gemaak aan hulle voor die oë van die nasies en my volk uit Egipte gebring.

¹⁰“Ek het hulle uit Egipte gebring en hulle die woestyn in laat trek.

¹¹Ek het aan hulle my voorskrifte gegee en my bepalings aan hulle bekend gemaak, sodat elkeen wat daarvolgens optree, in die lewe sou bly.

¹²Ek het ook my sabbatte aan hulle gegee om vir hulle 'n teken te wees van die verhouding tussen hulle en My, en sodat hulle sou weet dat Ek, die Here, hulle geheilig het.

¹³Maar Israel het hulle teen My verset in die woestyn. Hulle het nie volgens my voorskrifte gelewe nie en het my bepalings verwerp waarvolgens elkeen moes optree om in die lewe te bly. Hulle het my sabbatte gruwelik ontheilig. Ek het gedink Ek sal my toorn daar in die woestyn teen hulle laat losbreek om hulle uit te roei,

¹⁴maar Ek het gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor die nasies voor wie se oë Ek my volk uit Egipte gebring het nie.

¹⁵Ek het ook daar in die woestyn 'n eed afgelê dat Ek hulle nie in die land sou bring wat Ek aan hulle gegee het nie, die land wat oorloop van melk en heuning, die sieraad onder al die lande.

¹⁶Hulle het immers my bepalings verwerp, nie volgens my voorskrifte gelewe nie, my sabbatte ontheilig en die afgode van hulle keuse gedien.

¹⁷Maar Ek het hulle jammer gekry en hulle nie uitgeroei nie, Ek het nie 'n end aan hulle gemaak in die woestyn nie.

¹⁸“Ek het in die woestyn vir hulle kinders gesê: ‘Moenie volgens die gebruike van julle voorvaders leef nie, moenie aan hulle maniere vashou nie, moet julle nie verontreinig met hulle afgode nie.

¹⁹Ek, die Here, is julle God. Leef volgens my voorskrifte, kom my bepalings na en leef daarvolgens,

²⁰hou my sabbatte heilig sodat hulle die teken kan wees van die verhouding tussen My en julle, sodat julle kan weet dat Ek, die Here, julle God is.’

²¹Maar ook die kinders het hulle teen My verset. Hulle het nie volgens my voorskrifte gelewe nie en nie my bepalings nagekom waarvolgens elkeen moes optree om in die lewe te bly nie. Hulle het my sabbatte ontheilig. Ek het gedink Ek sal my toorn oor hulle laat losbreek en my woede op hulle koel daar in die woestyn.

²²Maar Ek het My bedwing en gedoen wat die eer van my Naam vereis het. Ek wou nie dat my Naam oneer aangedoen word voor die nasies voor wie se oë Ek my volk uit Egipte gebring het nie.

²³Ek het ook daar in die woestyn 'n eed afgelê dat Ek hulle onder die nasies sou verstrooi, hulle oor ander lande sou versprei.

²⁴Hulle het immers nie my bepalings nagekom nie, hulle het my voorskrifte verwerp, my sabbatte ontheilig en by hulle voorvaders se afgode hulp gesoek.

²⁵Ek het vir hulle voorskrifte gegee wat nie goed was nie en bepalings waardeur hulle nie in die lewe kon bly nie.

²⁶Ek het hulle onrein laat word deur hulle offergawes waarin hulle al hulle eersgeborenes verbrand het, Ek wou hulle skrikbevange maak sodat hulle sou besef dat Ek die Here is.

²⁷“Praat met Israel, mens, sê vir hulle: So sê die Here my God: Julle voorvaders het My ook nog in my eer aangetas deur heeltemal ontrou aan My te word.

²⁸Ek het hulle na die land toe gebring wat Ek met 'n eed beloof het om aan hulle te gee, en hulle het op elke hoë heuwel en onder elke groen boom wat hulle gesien het, hulle diereoffers gebring, hulle geskenke neergesit wat My gekrenk het, hulle wierookoffers verbrand en hulle drankoffers uitgegiet.

²⁹Ek het vir hulle gesê: Wat se hoogte is dit waarnatoe julle gaan? ” Dié soort plek word vandag nog 'n hoogte genoem.

³⁰“Sê vir Israel: So sê die Here my God: Julle het julle verontreinig op dieselfde wyse as julle voorvaders en julle het in julle ontrou aan My hulle afstootlike afgode gedien.

³¹As julle vir die afgode geskenke aandra en julle kinders as offers verbrand, as julle julle nog steeds verontreinig met julle afgode, moet Ek My deur julle laat raadpleeg, Israel? So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “Ek sal My nie deur julle laat raadpleeg nie.

³²Wat in julle gedagtes opgekom het, sal nie gebeur nie. Julle dink: ons wil soos die ander nasies wees, soos die mense in ander lande, ons wil hout en klip dien.

³³“So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “Ek sal oor julle regeer met mag en krag en Ek sal my toorn oor julle laat losbreek.

³⁴Ek sal julle met mag en krag tussen die volke uitbring en julle bymekaarmaak uit die lande waarheen Ek julle verstrooi het en my toorn oor julle laat losbreek.

³⁵Ek sal julle bring na die woestyn tussen Babel en Israel en daar my saak teen julle van aangesig tot aangesig stel.

³⁶Soos Ek my saak teen julle voorvaders in die woestyn van Egipte gestel het, so sal Ek dit met julle doen,” sê die Here my God.

³⁷“Ek sal vasstel dat julle almal daar is en julle oordeel op grond van die eise van die verbond.

³⁸Ek sal dié van julle wat hulle teen My verset en opstandig is, uitsoek en hulle laat trek uit die land waar hulle woon, maar in die land Israel sal hulle nie kom nie. Hulle sal besef dat Ek die Here is.

³⁹“En wat julle betref, Israel,” sê die Here my God, “loop na julle gode toe, dien hulle, nou en later, as julle nie na My wil luister nie en my heilige Naam nog wil oneer aandoen met julle geskenke aan afgode en met julle afgode self.

⁴⁰“Op my heilige berg, op die hoë berg van Israel,” sê die Here my God, “daar, in dié land, sal die hele Israel My dien. Daar sal Ek weer goedgesind wees teenoor hulle en daar sal Ek bereid wees om hulle offergawes, hulle eerstelingoffers en al hulle geskenke aan die heiligdom te ontvang.

⁴¹Die reuk van julle offers sal vir My aanneemlik wees. Wanneer Ek julle onder die volke uit laat trek en julle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek julle verstrooi het, sal Ek My deur julle voor die oë van die nasies laat ken as die Heilige.

⁴²Julle sal besef dat Ek die Here is wanneer Ek julle na die land Israel toe bring, na die land wat Ek met 'n eed beloof het om aan julle voorvaders te gee.

⁴³Daar sal julle julle optrede en al die dinge waarmee julle julle verontreinig het, in herinnering roep en julle sal 'n weersin in julleself kry oor al die sondige dinge wat julle gedoen het.

⁴⁴Wanneer Ek met julle handel soos die eer van my Naam dit vereis en nie volgens julle sondige optrede, julle slegte daade nie, sal julle besef dat Ek die Here is. Dit, Israel, sê die Here my God.”

Ek gaan my swaard uit sy skede trek

⁴⁵Die woord van die Here het tot my gekom:

⁴⁶“Mens, draai jou gesig na die suide toe, laat vloei jou woorde na die suide toe, tree op as profeet teen die bos in die oop veld, die Suidland.

⁴⁷Jy moet vir die bos in die Suidland sê: Hoor die woord van die Here! ” So sê die Here my God: “Ek gaan jou aan die brand steek. Elke groen boom en elke droë boom in jou gaan verbrand. Die vlamme sal nie geblus word nie, dit sal elke gesig skroei, van die suide van die land af tot in die noorde.

⁴⁸Al wat leef, sal sien dat Ek, die Here, die vuur aangesteek het. Dit sal nie geblus word nie.”

⁴⁹Toe sê ek: “Ag, Here my God, hulle sê ek praat net altyd in raaisels.”

Esegiël 21

¹Toe kom die woord van die Here tot my:

²“Mens, draai jou gesig na Jerusalem toe, laat jou woorde na die heiligdomme toe vloei, tree op as profeet teen die land Israel.

³Sê vir die land Israel: So sê die Here: Ek is jou vyand, Ek gaan my swaard uit sy skede trek en dié wat reg doen sowel as dié wat verkeerd doen, uit jou uitroei.

⁴En omdat Ek dié wat reg doen sowel as dié wat verkeerd doen, uit jou wil uitroei, daarom word my swaard getrek teen al wat leef, van die suide af tot in die noorde.

⁵Al wat leef, sal weet dat Ek, die Here, my swaard getrek het, en dit sal nie teruggaan skede toe nie.

⁶“En jy, mens, moet kreun. Jy moet voor hulle oë 'n ineenstorting kry en bitterlik kreun.

⁷En as hulle vir jou vra hoekom jy kreun, moet jy sê: Oor die tyding wat kom; elke hart sal verstyf van angs, al die hande sal slap hang, almal sal moed verloor, water sal teen al die knieë afloop; dit kom, dit sal gebeur,” sê die Here my God.

⁸Die woord van die Here het tot my gekom:

⁹“Mens, tree as profeet op, sê: So sê die Here! Roep: “Swaard, swaard! Hy is skerp gemaak en blinkgevryf,

¹⁰hy is skerp gemaak vir die slagting, hy is blinkgevryf om soos weerlig te blits! Of moet ons bly wees oor die koninklike septer wat geen boom ontsien nie, my seun?

¹¹'n Mens laat die swaard blinkvryf en dit word in die hand vasgevat; dit is 'n skerp gemaakte swaard, dit is blinkgevryf om dit in die hand te sit van hom wat moet doodmaak.

¹²Skree, mens, huil! Die swaard is teen my volk gerig en teen al die leiers van Israel. Hulle is saam met my volk uitgelewer aan die swaard. Slaan van ontsteltenis jou hande teen jou heupe!

¹³“Die vuurproef is daar. En wat sal gebeur as die koninklike septer wat niks ontsien nie, nie meer daar is nie? ” sê die Here my God.

¹⁴“Maar jy, mens, tree op as profeet, slaan jou hande in mekaar. Laat die swaard twee keer, drie keer swaai. Dit is 'n swaard wat mense doodmaak, 'n groot swaard wat doodmaak, hy deurboor mense.

¹⁵Hy laat moed wegs melt, hy vermenigvuldig die gesneuweldes. Ek laat die swaard 'n slagting aanrig in al hulle stede. Hy is gemaak om te blits, hy is vasgevat vir die slagting.

¹⁶Wys hoe skerp jy is, kap regs en links, waar jou lem ook al heen gedraai word.

¹⁷Dan sal Ek ook my hande in mekaar slaan en my toorn tot bedaring bring. Ek, die Here, het dit gesê.”

Die koning van Babel kom

¹⁸Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁹“Mens, jy moet vir die koning van Babel se swaard twee paaie maak om op aan te kom. Die twee paaie moet uit dieselfde land kom en jy moet 'n padwyser uitkap waar die pad na die stad toe begin. Jy moet dit uitkap

²⁰en die rigting aandui waarlangs die swaard kan kom na Rabba, die Ammonietestad toe, en na Juda, na die vestingstad Jerusalem toe.

²¹Die koning van Babel staan by die kruispad waar die twee paaie begin, en hy soek na 'n teken, hy skud die pyle, hy raadpleeg sy afgodsbeeldjies, hy kyk na 'n dier se lewer.

²²Die teken wat hy gesoek het, kom in sy regterhand: Jerusalem! Die koning van Babel gaan stormramme regmaak, die bevel gee om aan te val, oorlogskrete skreeu, die stormramme teen die poorte opstel, 'n beleëringswal opgooi, beleëringswerke bou.

²³Die mense in Jerusalem sal dink dis 'n vals teken, want hulle het plegtige ede afgelê aan die koning van Babel. Maar hy sal hulle herinner aan hulle oortreding en hy sal hulle aanval.

²⁴“Daarom,” so sê die Here my God, “het julle self gewys hoe skuldig julle is toe julle opstandigheid aan die lig gekom het en julle sondes duidelik geword het aan alles wat julle doen, julle is aan die kaak gestel en julle sal aangeval word.

²⁵“En jy, regeerder van Israel wat deur jou goddeloosheid gaan sterwe, jy wie se dag gekom het, die tyd van afrekening,”

²⁶so sê die Here my God: “Haal af jou tulband en jou kroon, niks bly soos dit is nie; wat onder is, moet op, en wat bo is, moet af.

²⁷Puin, puin, puin maak Ek dit! Maar ook dit sal nie gebeur voordat hy kom wat die stad moet straf nie, en Ek sal die stad vir hom gee.”

Oor die Ammoniete

²⁸“En jy, mens, tree op as profeet en sê: So sê die Here my God oor die Ammoniete en oor hulle gespot. Sê: “Swaard, swaard wat getrek is vir die slagting, blinkgevryf is om te blits,

²⁹al was daar gesigte oor jou wat nie bestaan het nie, voortekens oor jou wat leuens was, jy kap reeds aan die nekke van dié wat deur hulle goddeloosheid gaan sterwe, dié wie se dag gekom het, die tyd van afrekening.

³⁰Maar sit die swaard terug in sy skede! Op die plek waar jy geskep is, in die land van jou herkoms sal Ek jou straf.

³¹Ek sal my woede oor jou laat losbreek, Ek blaas die vuur van my gramskap oor jou, Ek gee jou oor in die mag van wrede mense wat weet hoe om uit te roei.

³²Jy sal deur vuur verteer word, jou bloed sal vloei in die land, die gedagtenis aan jou sal verdwyn, want Ek, die Here, het gepraat.”

Esegiël 22

Jy het self jou oordeelsdag nader gebring

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, wil jy hom oordeel, wil jy oor die stad van bloedvergiëting oordeel? Vertel dan vir hom van sy afskuwelike dade.

³Jy moet sê: So sê die Here my God: Stad wat bloed vergiet het in homself en so die oordeel oor hom gebring het, wat vir hom afgode gemaak het en so homself verontreinig het,

⁴jy staan skuldig aan die bloed wat jy vergiet het, jy is onrein deur jou afgode wat jy gemaak het. Jy het self jou oordeelsdag nader gebring en by jou einde uitgekom. Ek maak jou 'n spot onder die nasies; al die lande sal vir jou lag.

⁵Dié wat naby jou is en dié wat ver van jou af is, sal vir jou lag. Jy gaan so erg te kere dat jou naam vuil geword het.

⁶“Elke regeerder van Israel het sy mag misbruik om bloed te vergiet in jou.

⁷Vader en moeder is in jou verag, die vreemdeling is verdruk in jou, die weeskind en die weduwee is mishandel in jou.

⁸Wat aan My gewy is, het jy geminag, my sabbatte het jy ontheilig.

⁹Daar is mense in jou wat ander belaster om hulle dood te veroorsaak, wat aan die offermaaltye op die berge deelneem en wat afstootlike dinge in jou doen.

¹⁰Daar is mense in jou wat by hulle pa's se vrouens slaap en wat vrouens onteer selfs terwyl hulle menstrueer en onrein is.

¹¹Die een begaan afskuwelike dinge met die ander se vrou, die een pleeg afstootlike dade met sy skoondogter en verontreinig haar, die een onteer sy halwe suster, sy pa se dogter.

¹²Hulle laat hulle in jou omkoop om moord te pleeg, hulle vat rente en woekerwins, hulle pleeg bedrog en doen ander te kort: hulle maak of Ek nie daar is nie,” sê die Here my God.

¹³“Ek slaan my hande saam oor die oneerlike wins wat jy maak en oor die bloed wat daar in jou vergiet is.

¹⁴Sal jy nog selfversekerd wees wanneer jy jou sterk probeer maak vir die tyd wanneer Ek met jou handel? Ek, die Here, het gepraat, en Ek sal dit doen.

¹⁵Ek sal jou versprei onder die nasies en jou uitmekaarjaag na ander lande toe, Ek gaan 'n end maak aan die onreinheid in jou.

¹⁶Jy het jouself onrein gemaak in die oë van die ander nasies. Jy sal besef dat Ek die Here is.”

Julle word gesmelt in Jerusalem

¹⁷Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁸“Mens, Israel het vir My soos metaal geword. Hulle almal is die koper, die tin, die yster, die lood binne-in die smeltoond, die metaal, die silwer.”

¹⁹So sê die Here my God: “Omdat julle almal metaal geword het, gaan Ek julle in Jerusalem bymekaarbring.

²⁰Soos 'n mens silwer, koper, yster, lood en tin saam in 'n smeltoond gooi en die vuur aanblaas om die metaal te smelt, so gooi Ek julle in my toorn en my gramskap saam in die smeltoond om julle te smelt.

²¹Ek maak julle bymekaar en blaas die vuur van my toorn aan teen julle om julle in Jerusalem te smelt.

²²Soos silwer in 'n oond gesmelt word, so word julle gesmelt in Jerusalem. Wanneer Ek my toorn oor julle laat losbreek, sal julle besef dat Ek die Here is.”

Ek laat hulle kry wat hulle verdien

²³Die woord van die Here het tot my gekom:

²⁴“Mens, sê vir die land: Jy is 'n land wat geen reën sal kry die dag as my toorn losbreek nie.

²⁵“Die regeerders in die land sweer saam en is soos brullende leeus op vangste uit. Hulle vreet mense op en vat die rykdom en kosbaarhede vir hulleself, hulle maak baie vrouens in die land weduwees.

²⁶Die priesters in die land doen my wet geweld aan en hulle ontwy wat aan My gewy is. Hulle maak nie onderskeid tussen wat gewyd en wat nie gewyd is nie, en hulle ken nie die onderskeid tussen rein en onrein nie. Vir my sabbatte gee hulle niks om nie. So word Ek tussen hulle oneer aangedoen.

²⁷Die amptenare in die land is soos verskeurende wolwe. Hulle moor, hulle laat mense doodgaan, hulle maak oneerlike wins.

²⁸Die profete in die land pleister alles toe: hulle sien gesigte wat nie daar is nie, verkondig leuens as waarsêery en sê: ‘So sê die Here my God,’ terwyl Ek niks gesê het nie.

²⁹Die burgers van die land verdruk en beroof mense. Hulle buit armes en mense in nood uit en hulle verdruk die vreemdeling asof daar geen reg bestaan nie.

³⁰Ek het iemand tussen hulle gesoek wat 'n muur sou bou en vir die stad in die bres sou tree dat dit nie vernietig word nie, maar Ek het niemand gekry nie.

³¹Daarom laat Ek my toorn oor hulle losbreek en vernietig Ek hulle met die vuur van my gramskap. Ek laat hulle kry wat hulle verdien,” sê die Here my God.

Esegiël 23

Samaria en Jerusalem het dieselfde pad geloop

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, daar was twee vrouens, dogters van dieselfde ma.

³Hulle was al onsedelik in Egipte, toe hulle jonk was. Dáár is hulle borste al betas, dáár, toe hulle nog jongmeisies was, is daar al aan hulle borste gevat.

⁴Die oudste se naam was Ohola, en haar suster was Oholiba. Hulle het aan My behoort en hulle het seuns en dogters gehad. Ohola se naam was eintlik Samaria en Oholiba s'n was Jerusalem.

⁵Ohola was ontrou aan My en het gesmag na haar minnaars, die Assiriërs. Hulle was vegters,

⁶goewerneys en ampsdraers wat pers klere gedra het, almal uitgesoekte manne, ruiters te perd.

⁷Sy het gewillig met hulle omgegaan, met al die beste Assiriërs. Sy het haar verontreinig met almal na wie sy gesmag het, met al hulle afgode.

⁸Sy het haar onsedelikheid waarmee sy in Egipte begin het, nie laat vaar nie. Hulle het toe sy nog jonk was, by haar geslaap, aan haar borste gevat toe sy nog 'n jongmeisie was. Hulle het hulle luste laat botvier met haar.

⁹Daarom het Ek haar oorgegee in die mag van haar minnaars, in die mag van die Assiriërs na wie sy gesmag het.

¹⁰Hulle het haar klere uitgetrek, haar seuns en dogters weggevat en haar toe met die swaard doodgemaak. Die straf wat sy ondergaan het, het van haar 'n voorbeeld gemaak wat vrouens moes afskrik.

¹¹“Haar suster Oholiba het dit alles gesien. Maar haar wellus en haar onsedelikheid was nog erger as dié van haar suster.

¹²Sy het gesmag na die Assiriërs, goewerneys, ampsdraers, vegters met pragtige klere aan, ruiters te perd, almal uitgesoekte manne.

¹³Ek het gesien hoe sy haar verontreinig. Die twee susters het dieselfde pad geloop.

¹⁴Maar Oholiba het met haar onsedelikheid nog verder gegaan. Sy het mansfigure teen 'n muur afgeteken gesien, afbeeldings van Galdeërs, met 'n rooi kleurstof geteken;

¹⁵hulle het lendedoeke om die heupe gehad en oorhangende tulbande op die koppe; almal het na offisiere gelyk en dit het gelyk of hulle Babiloniërs kon wees, afkomstig uit Galdeërland.

¹⁶Toe sy hulle sien, het sy na hulle gesmag; sy het boodskappers na hulle toe in Galdeërland gestuur,

¹⁷en die Babiloniërs het na haar toe gekom en by haar geslaap en haar verontreinig met hulle onsedelikheid. Maar nadat sy van hulle onrein geword het, het sy 'n teësin in hulle gekry.

¹⁸“Omdat sy so openlik onsedelik was en haar klere vir almal uitgetrek het, het Ek ook 'n teësin in haar gekry, net soos in haar suster.

¹⁹Sy het immers aangegaan met haar onsedelikheid en haar rondlopery wat al in haar jeug in Egipte bestaan het, nie laat vaar nie.

²⁰Sy het gesmag na die wellustelinge onder hulle wat so goed bedeed was soos donkiehingste en perdehingste.

²¹Ja, jy het bly terugverlang na jou afstootlike gedrag in jou jeug toe die Egiptenaars jou borste betas, jou jeugdige borste gestreel het.

²²“Daarom, Oholiba,” so sê die Here my God, “gaan Ek nou jou minnaars in wie jy 'n teësin gekry het, teen jou aanhits, Ek bring hulle van alle kante af na jou toe;

²³die Babiloniërs, al die Galdeërs, die mense van Pekod, Soa en Koa, en al die Assiriërs saam met hulle, uitgesoekte manne, almal goewerneurs en ampsdraers, offisiere en vooraanstaande mense, almal te perd.

²⁴Hulle sal jou uit die noorde oorval met strydwaens en groot leërmagte. Toegerus met klein en groot skilde en met helms, sal hulle rondom teen jou stelling inneem. Ek gee jou aan hulle oor om jou te straf, en hulle sal jou straf volgens hulle gebruike.

²⁵Ek gee my woede teen jou vrye teuels: hulle sal hulle op jou wreek en jou neus en jou ore afsny. Wat van jou inwoners oor is, sal met die swaard

doodgemaak word. Hulle sal jou seuns en jou dogters vat, en wat van jou oorbly, sal verbrand word.

²⁶Hulle sal jou klere uittrek en jou juwele vat.

²⁷Ek gaan 'n end maak aan jou aanstootlike gedrag, jou onsedelikheid wat jy al in Egipte bedryf het. Jy sal nie meer na minnaars kyk nie en nie meer aan Egipte dink nie.”

²⁸So sê die Here my God: “Ek gee jou oor in die mag van dié wat jy haat, dié in wie jy 'n weersin gekry het.

²⁹Hulle sal hulle haat teen jou laat geld, hulle sal alles vat waarvoor jy gewerk het en jou kaal, sonder klere los. Almal sal jou onsedelike naaktheid sien. Jou afstootlike gedrag, jou onsedelikheid

³⁰doen dit aan jou. Jy het in jou ontrou ander nasies nagevolg en jou met hulle afgode verontreinig.

³¹Jy het jou suster se voorbeeld gevolg, en daarom het Ek jou die beker laat drink wat sy moes drink.”

³²So sê die Here my God: “Jy sal die beker drink wat jou suster moes drink, ‘n diep, wye beker. Jy sal bespot en uitgelag word, want daar is baie in die beker.

³³Jy sal jou vol drink en dronk word van swaarkry; die beker wat jou suster Samaria moes drink, is 'n beker vol angs en skrik.

³⁴Jy sal hom leeg drink, alles opdrink, jy sal aan sy skerwe knaag, jy sal jou borste stukkend skeur. Ek, die Here, het gepraat,” sê die Here my God.

³⁵So sê die Here my God: “Omdat jy My vergeet het en jou rug vir My gedraai het, sal jy die straf vir jou aanstootlike gedrag en jou onsedelikheid dra.”

³⁶Die Here het vir my gesê: “Mens, oordeel jy oor Ohola en Oholiba. Vertel vir hulle van hulle afskuwelike dade.

³⁷Hulle het owerspel gepleeg en daar is bloed aan hulle hande. Hulle het owerspel gepleeg met hulle afgode en hulle het boonop hulle kinders wat hulle vir My in die wêreld gebring het, as offers laat verbrand.

³⁸Hulle het My ook nog dít aangedoen: hulle het my heiligdom ontwy en op dieselfde dag my sabbatte ontheilig;

³⁹hulle het hulle kinders vir hulle afgode geslag en op dieselfde dag in my heiligdom gekom en dit ontwy. Dit is wat hulle binne-in my huis gedoen het.

⁴⁰“Ja, jy het mans van ver af laat kom, jy het boodskappers na hulle toe gestuur en hulle het gekom. Jy het gebad, jou oë geverf en jou juwele aangesit.

⁴¹Jy het op 'n pragtige bed gesit en voor jou was 'n gedekte tafel waarop jy my wierook en my olie gesit het.

⁴²“Die stemme van 'n sorgelose klomp was rondom haar. By dié manne is van al die baie mense wat daar is, ook nog mense van Seba uit die woestyn bygebring, en dié het vir die twee susters armbande aangesit en op hulle koppe pragtige kranse.

⁴³Ek het gedink: kom hulle owerspel pleeg met 'n vrou wat klaar opgebruik is? Het sy nou 'n gewone hoer geword?

⁴⁴Hulle het na haar toe gekom soos 'n mens na 'n hoer toe kom. So het hulle na Ohola en Oholiba, die afstootlike vrouens toe gekom.

⁴⁵Regverdige manne moet oor dié vrouens oordeel volgens die bepaling oor owerspel en die bepaling oor bloedvergiëting, want hulle het owerspel gepleeg en daar is bloed aan hulle hande.”

⁴⁶So sê die Here my God: “Roep 'n volksvergadering teen hulle saam, maak van hulle iets waaroor mense met afgryse vervul word en laat hulle geplunder word.

⁴⁷Die volksvergadering moet hulle met klippe doodgooi en hulle met byle in stukke kap; hulle seuns en dogters moet doodgemaak en hulle huise verbrand word.

⁴⁸Ek wil 'n end maak aan die afstootlike gedrag in die land en al die vrouens afskrik dat hulle hulle nie so afstootlik gedra nie.

⁴⁹“Julle afstootlike gedrag sal op julle eie kop afkom, julle sal die straf dra vir julle sonde met julle afgode. Dan sal julle besef dat Ek die Here God is.”

Esegiël 24

Ellende wag vir die stad van bloedvergieting

¹Die woord van die Here het tot my gekom op die tiende van die tiende maand, in die negende jaar:

²“Mens, jy moet dié datum aanteken, presies dié datum. Die koning van Babel het Jerusalem vandag aangeval.

³Vertel vir dié weerbarstige volk 'n gelykenis. Jy moet vir hulle sê: So sê die Here my God: “Sit 'n pot op die vuur, sit dit op en gooi daar water in.

⁴Sit vleis daarin, net goeie vleis, boud en blad, en sit die beste bene by,

⁵vat van die beste skape. Pak die brandhout in 'n ring onder die pot en laat dit kook; maak die bene gaar saam met die vleis in die pot.”

⁶So sê die Here my God: “Ellende wag vir die stad van bloedvergieting, die verroeste pot waarvan die roes nie wil afkom nie. Haal stuk vir stuk vleis uit, moenie uitsoek nie.

⁷Die bloed wat deur die stad vergiet is, is binne-in hom; hy het dit op 'n kaal klip vergiet, hy het dit nie op die grond uitgegooi sodat die stof dit kon bedek nie.

⁸My toorn het ontbrand, Ek sal wraak neem: Ek vergiet sy bloed op 'n kaal klip, dit sal nie bedek word nie.”

⁹So sê die Here my God: “Ellende wag vir die stad van bloedvergieting. Ek gaan 'n groot hoop hout aanpak.

¹⁰Sit baie hout op, steek die vuur aan, kook die vleis, roer die sous in, braai die bene!

¹¹Laat die pot dan leeg op die kole staan sodat die brons rooiwarm kan word en die onreinheid wat in die pot is, kan smelt en die roes kan afkom.

¹²Maar dit bring net moeite, die baie roes brand nie van die pot af nie. Die roes aan die pot

¹³is jou afstootlike onreinheid. Ek wou jou reinig, maar jy het nie rein geword nie. Jy gaan nou ook nie meer rein word voordat Ek my woede op jou gekoel het nie.

¹⁴Ek, die Here, het gepraat. Dit kom, Ek gaan dit doen. Ek gaan nie maak of Ek niks sien nie, Ek gaan nie verskoon en nie jammer kry nie. Jy gaan gestraf word soos jy verdien, soos jou optrede dit eis,” sê die Here my God.

Esegiël sal vir julle die voorbeeld wees

¹⁵Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁶“Mens, Ek gaan jou vrou wat jou soveel vreugde gee, van jou af wegvat deur 'n skielike dood. Jy mag nie treur en huil nie, nie 'n traan stort nie.

¹⁷Jy moet in stilte sug, jy mag nie rou nie. Hou jou tulband op en jou skoene aan. Moenie jou baard bedek nie en moenie eet wat mense gewoonlik by so 'n geleentheid eet nie.”

¹⁸Ek het die môre nog met die volk gepraat, en die nag het my vrou gesterf. Ek het die volgende oggend gedoen soos ek beveel is.

¹⁹Die mense het vir my gevra: “Wil jy nie vir ons sê wat dit vir ons beteken dat jy so maak nie? ”

²⁰Ek het vir hulle gesê: “Die woord van die Here het tot my gekom:

²¹Sê vir Israel: So sê die Here my God: Ek gaan my heiligdom ontwy, julle vesting waarop julle so trots is, wat julle soveel vreugde gee en waarvoor julle so lief is. Julle sal julle seuns en dogters aan hulleself oorlaat, en hulle sal met die swaard doodgemaak word.

²²“Julle sal dan doen soos ek nou doen: julle sal julle baard nie bedek nie en die kos nie eet wat mense by sulke geleenthede eet nie.

²³Julle sal tulbande op hê en skoene aan, julle sal nie treur nie en nie huil nie. Van julle sonde sal julle wegteer en by mekaar sit en kla.

²⁴“Ja, Esegïël sal vir julle die voorbeeld wees om in alles na te volg. Wanneer dit gebeur, sal julle besef dat Ek die Here God is.

²⁵“En jy, mens, die dag wanneer Ek hulle vesting wegvat, hulle vreugde en hulle roem wat hulle soveel vreugde gee en alles is wat hulle begeer, en ook hulle seuns en hulle dogters,

²⁶dié dag sal daar 'n vlugteling na jou toe kom om vir jou die berig te bring.

²⁷Dié dag sal jy kan praat met die vlugteling, jy sal praat en nie meer stom wees nie. So sal jy vir hulle 'n voorbeeld wees, en hulle sal besef dat Ek die Here is.”

Esegïël 25

Teen die Ammoniete

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, draai jou gesig na die Ammoniete toe en tree op as profeet teen hulle.

³Sê vir die land van die Ammoniete: Hoor die woord van die Here my God! ”
So sê die Here my God: “Jy verlekter jou daarin dat my heiligdom ontwy is, dat die land van Israel verlate lê, dat Juda in ballingskap moes weggevoer word.

⁴“Nou gaan Ek jou 'n besitting maak van die mense uit die ooste. Hulle sal hulle kampe in jou kom opslaan, in jou kom woon, jou vrugte opeet en jou melk opdrink.

⁵Ek maak Rabba 'n weiveld vir kamele, Ek maak jou 'n plek waar kleinvee lê en rus. Dan sal jy besef dat Ek die Here is.”

⁶So sê die Here my God: “Jy het hande geklap, met jou voete gestamp, jou verheug in jou veragting vir die land van Israel.

⁷Nou gaan Ek my hand teen jou uitsteek en jou die spot onder die nasies maak. Ek gaan jou uitroei tussen die volke uit, jou laat ophou bestaan as 'n land. Ek gaan 'n end aan jou maak. Dan sal jy besef dat Ek die Here is.”

Teen Moab en Edom

⁸So sê die Here my God: “Moab en Seïr sê Juda het soos enige ander nasie geword.

⁹“Nou gaan Ek Moab se berghange stroop van stede, van die mooi stede in die land, Bet-Jesimot, Baäl-Meon en Kirjatajim, en die stede op die grense van die land.

¹⁰Daar sal nie meer onder die nasies gedink word aan die Ammoniete nie, en Ek maak Moab saam met die land van die Ammoniete 'n besitting van die mense uit die ooste.

¹¹Ek gaan Moab straf. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

¹²So sê die Here my God: “Edom het sy wraaksug op Juda uitgestort, hy het hom skuldig gemaak aan 'n misdaad toe hy teen Juda wraak geneem het.

¹³“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek my hand teen Edom uitsteek en mens en dier uit hom uitroei en hom 'n puinhoop maak van Teman af tot by Dedan. Hulle sal deur die swaard afgemaai word.

¹⁴Ek sal my wraak teen Edom in die hande van my volk Israel laat, en hulle sal met Edom maak soos my toorn, my gramskap dit vereis. Edom sal my wraak leer ken,” sê die Here my God.

Teen die Filistyne

¹⁵So sê die Here my God: “Die Filistyne het hulle wraak gekoel, hulle het met veragting hulle wraaksug uitgestort, hulle wou Juda tot niet maak op grond van die ou vyandskap.

¹⁶“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek my hand uitsteek teen die Filistyne, gaan Ek hulle, hierdie Kretense, uitroei, 'n end maak aan dié wat nog langs die kus oor is.

¹⁷Ek gaan My voluit op hulle wreek, Ek gaan hulle straf in my gramskap. Wanneer Ek My op hulle wreek, sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 26

Ek maak Tirus 'n kaal klipplaat

¹Op die eerste dag van die maand, in die elfde jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

²“Mens, Tirus verlekker hom oor Jerusalem en sê: Die Poort van die Volke is stukkend gebreek, ek geniet die voordeel daarvan, ek word ryk nou dat daardie stad 'n puinhoop is.

³“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek nou teen jou optree, Tirus. Soos die golwe van die see, so laat Ek baie nasies oor jou spoel.

⁴Hulle sal die mure van Tirus verwoes, sy torings afbreek. Ek sal sy grondlaag van hom afvee en hom 'n kaal klipplaat maak.

⁵Hy sal nog net 'n plek in die see wees waar visnette droog gemaak word. Ek het gepraat, sê die Here my God. Tirus sal 'n stuk buit vir die nasies word.

⁶Die inwoners van sy buitedorpe in die veld sal doodgemaak word. Tirus sal besef dat Ek die Here is.”

⁷So sê die Here my God: “Ek gaan vir koning Nebukadnesar van Babel, koning oor konings, uit die noorde teen Tirus bring. Hy sal kom met perde, met strydwaens, met ruiters, met 'n baie groot leër.

⁸Hy sal die inwoners van jou buitedorpe in die veld doodmaak, hy sal beleëringswerke teen jou bou, 'n beleëringswal teen jou opgooi en beskermingsdakke teen jou mure aanbring.

⁹Dan sal hy met sy stormramme jou mure omstamp en jou torings afbreek met sy koevoete.

¹⁰Sy perde sal so baie wees dat die stof wat hulle opskop, jou sal bedek. Die gedreun van sy ruiters en sy strydswawiele sal jou mure laat bewe wanneer hy deur jou poorte kom soos in 'n stad in waarvan die mure klaar afgebreek is.

¹¹Met die hoewe van sy perde sal hy al jou strate stof trap. Hy sal jou inwoners doodmaak en jou sterk pilare omgooi.

¹²Hulle sal jou besittings plunder, jou handelware buitmaak, jou mure afbreek, jou mooi huise verwoes en jou klippe, jou hout, selfs jou grond, in die see gooi.

¹³“So gaan Ek 'n einde maak aan jou luidrugtige liedere; die klank van jou liere sal nie meer gehoor word nie.

¹⁴Ek maak jou 'n kaal klipplaat. Jy sal nog net 'n plek wees waar visnette droog gemaak word. Jy sal nie herbou word nie. Ek, die Here, het gepraat,” sê die Here my God.

¹⁵So sê die Here my God vir Tirus: “Gaan die eilande nie bewe wanneer hulle die gedreun van jou val hoor nie, die gekreun van jou gewondes, wanneer hulle verneem van die slagting wat in jou gaan plaasvind?

¹⁶Al die regeerders aan die see sal van hulle trone afklom, hulle mantels afgooi, hulle spogklere uittrek en skrikbevange op die grond gaan sit. Hulle sal aanhou bewe van ontsetting oor jou.

¹⁷Hulle sal 'n treurlied oor jou sing en vir jou sê: “Hoe het jy dan aan jou end gekom, beroemde stad, jy wat bevolk is van oor die see, jy wat magtig op die see was, jy en jou inwoners, jy wat almal op see met skrik vervul het!

¹⁸Nou bewe die eilande op die dag van jou val, nou staan die eilande in die see verskrik omdat jy daarmee heen is! ”

¹⁹So sê die Here my God: “Wanneer Ek jou 'n stad maak wat in puin lê, soos die stede wat nie meer bewoon word nie, wanneer Ek die groot waters oor jou laat spoel, jou onder baie waters toemaak,

²⁰sal Ek jou ondertoe laat gaan saam met dié wat in die graf in afdaal, na die mense van ouds toe. Ek sal jou soos ander stede wat lankal in puin lê, in die onderaardse diepte laat woon saam met dié wat reeds gesterf het. Jy sal nie terugkom nie, Ek sal jou nie in ere herstel in die land van die lewendes nie.

²¹Ek maak jou 'n voorbeeld wat ander moet afskrik. Dit is klaar met jou. Wie na jou soek, sal jou nie kry nie, nooit weer nie, sê die Here my God.”

Esegiël 27

'n Treurlied oor Tirus

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, jy moet 'n treurlied oor Tirus sing.

³Tirus lê aan die kus en dryf handel met die ander volke, met baie eilande. Jy moet vir Tirus sê: So sê die Here my God: “Tirus, jy dink jou skoonheid is volmaak.

⁴Jou magsgebied strek tot oor die diepsee, en dié wat jou gebou het, het jou 'n mooi skip gemaak.

⁵Hulle het jou twee kante gebou van sipresse uit Senir en sederhout uit Libanon gebruik vir jou mas.

⁶Hulle het jou roeispans gemaak van groot bome uit Basan, jou dek van sipreshout uit die Kittièreilande, en dit ingelê met ivoor.

⁷Jou seile was van veelkleurige materiaal uit Egipte; daaraan is jy uitgeken. Pers en rooi wolstof uit die Elisa-eilande het jou bedek.

⁸Inwoners van Sidon en Arwad was jou roeiers, en jou bevare seemanne het jy self gelewer, Tirus.

⁹Leiers, vakmanne uit Gebal was aan boord om jou lekplekke toe te stop. Al die skepe op see met hulle bemannings het na jou toe gekom om met jou handel te dryf.

¹⁰“Mense uit Paras, Lud en Put was soldate in jou leer. Met die skilde en helms wat hulle in jou opgehang het, het hulle jou aansien gegee.

¹¹In jou leer op jou mure rondom was manne uit Arwad, op jou torings mense uit Gammad. Hulle het hulle skilde rondom teen jou mure opgehang en jou skoonheid volmaak gemaak.

¹²“Tarsis het vir jou handel gedryf, want jy het baie te verruil gehad; hulle het jou handelsware verruil vir silwer, yster, tin en lood.

¹³Griekeland, Tubal en Mesek was agente vir jou; hulle het jou goedere verruil vir slawe en koperware.

¹⁴Uit Bet-Togarma het trekperde, rypeerde en muile gekom in ruil vir jou handelsware.

¹⁵Mense uit Dedan was agente vir jou, baie eilande het in jou diens gestaan as handelaars; hulle het vir jou olifantstande en ebbehout gebring as betaling.

¹⁶Aram het vir jou handel gedryf, want jy het baie produkte gelewer; hulle het jou handelsware verruil vir turkoois, pers wolstof, veelkleurige materiaal, linne, koraal en robyne.

¹⁷“Juda en Israel was agente vir jou; hulle het jou goedere verruil vir koring uit Minnit, vir vye, heuning, olyfolie en balsemgom.

¹⁸Damaskus het vir jou handel gedryf, want jy het baie produkte gelewer, jy het baie te verruil gehad vir wyn uit Gelbon en wol uit Sagar.

¹⁹Sowel Dan as Griekeland het goedere uit Usal gelewer vir jou handelsware; jy het bewerkte yster, kaneel en kalmoes gekry vir jou goedere.

²⁰“Dedan was jou agent vir saalkleedjies.

²¹Arabië en al die regeerders van Kedar het in jou diens gestaan as handelaars; hulle het vir jou handel gedryf met lammers, skaapramme en bokramme.

²²Die handelaars van Skeba en Rama was jou agente; hulle het jou handelsware verruil vir die beste balsem, vir allerhande edelstene en goud.

²³Haran, Kanne, Eden, die handelaars van Skeba, Assirië en Kilmad het vir jou as agente opgetree;

²⁴hulle was jou agente, hulle het mooi klere, tjalties van blou wolstof, veelkleurige materiaal, tweekleurige materiaal, gevlegte en gedraaide tou aan jou verhandel.

²⁵Tarsisskepe het jou goedere op handelstogte vervoer. “Jy het ryk geword en baie mag gekry op die diepsee;

²⁶jou roeiers het jou op die groot waters gebring, maar toe het die oostewind jou verpletter op die diepsee.

²⁷Jou rykdom, jou handelsware, jou goedere, jou seemanne, jou matrose, die manne wat jou lekplekke moes toestop, dié wat met jou goedere handel moes

dryf en al jou soldate, die hele menigte in jou, het in die diepsee afgestort die dag toe jy vergaan het.

²⁸Die geskreeu van jou matrose het die kuslande laat sidder;

²⁹al die roeiers het hulle skepe verlaat; die seemanne, al die matrose, het op land gaan staan.

³⁰Hulle het geskreeu oor wat met jou gebeur het, hulle het bitterlik gekerm; hulle het stof op hulle koppe gegooi en op die grond rondgerol;

³¹hulle het hulle koppe kaalgeskeer in rou oor jou en rouklere aangetrek; hulle het bitterlik gehuil oor jou, bitterlik getreur.

³²Tussen hulle smartkrete deur het hulle 'n treurlied begin sing, 'n treurlied oor jou: 'Wie kon op see met Tirus vergelyk word? '

³³“Wanneer jou handelsware aangekom het oor die see, kon baie volke in oorvloed leef; met jou groot rykdom, jou goedere, het jy die konings van die aarde ryk gemaak.

³⁴Maar nou is jou mag op see gebreek, jou mag op die diep waters. Jou handelsware en al jou mense is daarmee heen saam met jou.

³⁵Al die bewoners van die eilande is skrikbevange oor wat met jou gebeur het; hulle konings se hare rys, hulle gesigte is wit van die skrik.

³⁶Die handelaars onder die volke fluit van verbasing oor wat met jou gebeur het. Jy het 'n afskrikmiddel vir ander geword, dit is vir altyd klaar met jou.”

Esegiël 28

Teen die regeerder van Tirus

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, sê vir die regeerder van Tirus: So sê die Here my God: In jou hooghartigheid het jy gesê: ‘Ek is 'n god, ek woon op die woonplek van die gode, omring deur die see.’ “Maar jy is 'n mens, nie 'n god nie. Jy het jou verbeel jy is 'n god.

³Jou wysheid het selfs dié van Daniël oortref. Watter geheimenis daar ook al was, niemand kon vir jou kers vashou nie.

⁴Jy het met jou wysheid en insig vir jou rykdom verwerf, jou skatkamers gevul met goud en silwer.

⁵Jy het met jou groot wysheid en met handel jou rykdom nog meer gemaak, maar dit was juis jou rykdom wat jou hooghartig gemaak het.

⁶“Daarom,” sê die Here my God, “omdat jy jou verbeel het jy is 'n god,

⁷daarom gaan Ek ander nasies, wrede volke, teen jou laat optrek. Hulle sal die prag wat jou wysheid vir jou gebring het, met die swaard aanval en jou prag skend.

⁸Hulle sal jou in die graf in laat stort, jy sal die dood van 'n gesneuwelde sterf daar op jou eiland in die see.

⁹Sal jy vir dié wat aan jou 'n einde gaan maak, nog kan sê jy is 'n god? Vir dié wat vir jou dood gaan sorg, sal jy 'n mens wees, nie 'n god nie.

¹⁰Ander volke gaan jou 'n eerlose dood laat sterf. Ek het gepraat,” sê die Here my God.

'n Treurlied oor die koning van Tirus

¹¹Die woord van die Here het tot my gekom:

¹²“Mens, sing 'n treurlied oor die koning van Tirus. Sê vir hom: So sê die Here my God: “Jy was 'n seël wat met sorg vervaardig is, 'n pragtige produk van volmaakte vakmanskap:

¹³jy is uitgebeeld in die godetuin Eden, omring deur kosbare edelstene: karneool, topaas, jaspis, chrisoliet, oniks, opaal, saffier, turkoois, smarag, en die reliëfwerk aan jou was van goud. So is jy gemaak die dag toe jy geskep is.

¹⁴Jy is uitgebeeld as die gerub wat met uitgestrekte vlerke moes waghou, Ek het jou die opdrag gegee. Jy was op die heilige godeberg, daar het jy rondgestap tussen glinsterende edelstene.

¹⁵Jou optrede was onbesproke vandat jy geskep is totdat jy begin onreg doen het.

¹⁶Jou uitgebreide handelsbedrywigheid het geweld deel van jou lewe gemaak en jou laat sondig. “Daarom het Ek jou verstoot van die godeberg af, Ek het jou, gerub wat moes waghout, tussen die glinsterende edelstene uit verwyder.

¹⁷Jou prag het jou hooghartig laat word, jou stralende glans het jou wysheid laat verloor. Ek het jou op die grond gegooi, jou daar voor ander konings laat lê dat hulle jou kon bekijk.

¹⁸“Met jou baie oortredings, met die onreg in jou handel, het jy jou heiligdomme ontwy. Daarom het Ek 'n vuur uit jou laat kom wat jou verteer het. Ek het jou 'n hopenie as op die grond laat word voor die oë van almal wat toegekyk het.

¹⁹Almal onder die volke wat jou geken het, is skrikbevange oor wat met jou gebeur het. Jy het 'n afskrikmiddel vir ander geword, dit is vir altyd klaar met jou.”

Teen Sidon

²⁰Die woord van die Here het tot my gekom:

²¹“Mens, draai jou gesig na Sidon toe en tree op as profeet teen hom.

²²Jy moet sê: So sê die Here my God: Ek gaan teen jou optree, Sidon, Ek gaan in jou my mag laat blyk. Dié stad se inwoners sal besef dat Ek die Here is. Ek sal hulle straf en hulle laat besef dat Ek die heilige God is.

²³Ek stuur pes in die stad in en bloedvergieting op sy strate. Sy vyande sal hom van alle kante af aanval, en sy inwoners sal binne-in hom doodgemaak word. Hulle sal besef dat Ek die Here is.

²⁴Dan sal daar nie meer onder die buurvolke van wie Israel soveel minagting verduur, 'n doring wees wat hom bly steek, 'n pendoring wat hom bly pynig nie. Israel sal besef dat Ek die Here God is.”

Israel sal weer in die land kom

²⁵So sê die Here my God: “Wanneer Ek Israel bymekaarmaak onder die volke uit waar hulle verstrooi is en Ek hulle voor die oë van die nasies laat besef dat Ek die heilige God is, sal Israel weer kom woon in die land wat Ek aan my dienaar Jakob gegee het.

²⁶Hulle sal veilig in die land woon, huise bou en wingerde plant. Hulle sal veilig woon wanneer Ek al die buurvolke gestraf het wat vir Israel met soveel minagting behandel het. Israel sal besef dat Ek die Here hulle God is.”

Esegiël 29

Teen Egipte

¹Op die twaalfde van die tiende maand, in die tiende jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

²“Mens, draai jou gesig na die farao, die koning van Egipte toe en tree op as profeet teen hom en teen die hele Egipte.

³Jy moet praat, jy moet sê: So sê die Here my God: “Ek gaan teen jou optree, farao, koning van Egipte, groot krokodil wat rustig in jou rivier lê en sê: ‘Dis my rivier, ek het hom gemaak!’

⁴Ek gaan hake in jou kakebene slaan en jou rivier se visse aan jou skubbe laat vassit, Ek gaan jou optrek uit jou rivier uit saam met al jou rivier se visse wat aan jou skubbe vassit.

⁵Ek gaan jou weggooi in die woestyn, jou en jou rivier se visse. Jy sal in die oop veld val en jou stukke sal nie versamel word nie, nie bymekaargesoek word nie. Ek laat die roofdiere en die voëls jou opvreet.

⁶Al die inwoners van Egipte sal besef dat Ek die Here is. Jy was 'n stuk riet waarop Israel wou leun,

⁷maar toe hy jou in die hand vat, breek jy en kloof sy skouer oop; toe hy op jou wou leun, knak jy en laat jy hom steier.

⁸“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek oorlog oor jou bring en mens en dier uit jou uitroei.

⁹Egipte gaan verlate en in puin lê. Hy het gesê: ‘Dis my rivier, ek het hom gemaak’, maar hy sal besef dat Ek die Here is.

¹⁰“Ek gaan optree teen jou en jou rivier: Ek gaan Egipte 'n verlate puinhoop maak, van Migdol af tot by Sewene en tot aan die grens van Kus.

¹¹Geen mens of dier sal 'n voet daar sit nie, en daar sal veertig jaar lank niemand woon nie.

¹²Ek gaan Egipte 'n verlate land tussen verlate lande maak, en sy stede sal veertig jaar lank verlate lê tussen stede wat in puin lê. Ek gaan die Egiptenaars uitmekaarjaag onder ander nasies in, hulle oor ander lande verstrooi.

¹³“Maar,” so sê die Here my God, “na veertig jaar sal Ek die Egiptenaars bymekaarmaak onder die volke uit waarheen Ek hulle verjaag het.

¹⁴Ek sal die lot van Egipte verander en hulle terugbring na Patros toe, die land van hulle herkoms. Daar sal hulle 'n klein koninkryk wees.

¹⁵Egipte sal kleiner as ander koninkryke wees en hom nooit weer bo ander nasies verhef nie. Ek sal hom so swak maak dat hy nie weer oor ander nasies sal heers nie.

¹⁶Hy sal nie meer die mag wees waarop Israel vertrou nie, hy sal aanhou herinner aan die sonde wat Israel gedoen het deur hom na Egipte te wend om hulp. Dan sal hulle besef dat Ek die Here God is.”

Nebukadnesar sal Egipte plunder

¹⁷Op die eerste van die eerste maand, in die sewe en twintigste jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

¹⁸“Mens, koning Nebukadnesar van Babel het sy leer harde werk laat doen in sy aanval op Tirus. Almal se koppe was kaal geskaaf en almal se skouers deurgeskuur. Maar hy en sy leer se moeite is nie uit Tirus beloon nie.

¹⁹“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek Egipte vir koning Nebukadnesar van Babel gee. Hy sal Egipte se rykdomme wegdra; hy sal die land plunder en die buit vat wat hy daar kry. Dit sal sy leer se beloning wees.

²⁰Ek gaan Egipte vir hom gee as betaling vir sy werk daar, want hy het dit vir My gedoen,” sê die Here my God.

²¹“Daardie dag laat Ek Israel se mag weer groei en laat Ek jou, Esegïël, weer vry-uit praat tussen hulle. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegïël 30

Egipte sal 'n verlate land wees

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, tree op as profeet, sê: So sê die Here my God: “Huil en roep: Ag, die dag!

³Die dag is naby, die dag van die Here is naby! Dié dag is donker, die tyd is daar vir die nasies!

⁴Daar kom oorlog teen Egipte! Selfs in Kus sal die mense bewe wanneer dié in Egipte doodgemaak word. Sy rykdomme sal weggevat word, sy fondamente sal afgebreek word.

⁵Die soldate uit Kus, Put en Lud, al die huursoldate en dié uit Kub, en ook dié uit die land met wie Ek 'n verbond gemaak het, sal met die swaard afgemaai word.”

⁶So sê die Here: “Dié wat Egipte ondersteun, sal sneuwel, die mag waarop hy hom beroem, sal ondergaan. “Van Migdol af tot by Sewene sal hulle afgemaai word deur die swaard,” sê die Here my God.

⁷“Egipte sal 'n verlate land wees soos ander verlate lande, sy stede sal soos ander stede in puin lê.

⁸Wanneer Ek vuur in Egipte in stuur en al sy helpers ondergaan, sal die Egiptenaars besef dat Ek die Here is.

⁹Daardie dag sal daar van My af boodskappers in skepe gaan om Kus sy gevoel van veiligheid te laat wegstrik; hulle sal bewe die dag as Egipte ondergaan, en die dag kom beslis.”

¹⁰So sê die Here my God: “Ek maak deur koning Nebukadnesar van Babel 'n einde aan die mag van Egipte.

¹¹Nebukadnesar en sy mense, 'n wrede nasie, word gebring om Egipte te verwoes. Hulle gaan die land aanval en hom vol dooies maak.

¹²Ek laat die riviere opdroog en gee die land oor in die mag van slegte mense. Ek laat die land en alles in hom verwoes deur vreemdes. Ek, die Here, het gepraat.”

¹³So sê die Here my God: “Ek roei die afgode uit, Ek maak 'n end aan die afgode in Memfis. Daar sal nie meer 'n regeerder in Egipte wees nie. Ek laat angs heers in Egipte.

¹⁴Ek verwoes Patros, Ek laat Soan verbrand, Ek straf No.

¹⁵Ek laat my toorn losbreek teen Sin, die vestingstad van Egipte, Ek roei die leërmag in No uit.

¹⁶Ek laat Egipte verbrand. Sin sal krul van pyn, No sal platgeloop word, Memfis sal helder oordag beleër word.

¹⁷Die jongmanne van Awen en Pi-Beset sal doodgemaak word en die ander inwoners sal in ballingskap weggevoer word.

¹⁸In Tagpanges sal dit oordag donker word wanneer Ek die heerskappy van Egipte breek, wanneer die mag waarop hy hom beroem het, tot 'n end kom. Donker wolke sal hom bedek en sy dorpe se inwoners sal in ballingskap weggevoer word.

¹⁹Ek gaan Egipte straf; hulle sal besef dat Ek die Here is.”

Ek breek die farao se arms

²⁰Op die sewende van die eerste maand, in die elfde jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

²¹“Mens, Ek het die farao, koning van Egipte, se arm gebreek, en die arm is nie verbind en gespalk sodat dit gesond kan word en weer sterk genoeg kan wees om 'n swaard vas te hou nie.”

²²So sê die Here my God: “Ek tree op teen die farao, koning van Egipte. Ek breek altwee sy arms, die gesonde en die gebreekte arm, en Ek laat die swaard uit sy hand uit val.

²³Ek jaag die Egiptenaars uitmekaar onder die ander nasies in, Ek verstrooi hulle oor ander lande.

²⁴Ek maak die koning van Babel se arms sterk, Ek sit 'n swaard in sy hand, maar Ek breek die farao se arms; hy sal voor die koning van Babel lê en kreun soos iemand wat dodelik gewond is.

²⁵Ek maak die koning van Babel se arms sterk, maar die farao s'n sal slap hang. Wanneer Ek my swaard in die koning van Babel se hand sit en hy die swaard na Egipte toe uitsteek, sal die Egiptenaars besef dat Ek die Here is.

²⁶“Ek jaag hulle uitmekaar onder die ander nasies in, Ek verstrooi hulle oor ander lande. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 31

Ek het die seder verwerp

¹Op die eerste van die derde maand, in die elfde jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

²“Mens, sê vir die farao, koning van Egipte, en vir sy leër: “Wie het soveel mag gehad as jy?

³Daar was Assirië, die seder op die Libanon. Sy pragtige takke het hulle skaduwee oor die bos gegooi. Die seder het hoog gegroei, sy top was tussen die wolke.

⁴Die water het hom groot laat word, die onderaardse waters het hom 'n hoë boom gemaak. Groot strome water het om hom geloop, en van hom af stroompies na al die ander bome toe.

⁵Hy het hoër as al die ander bome geword, sy takke meer en langer van al die water in die leivore.

⁶Al die voëls het kom nes maak in sy takke, onder hom het al die wilde diere hulle kleintjies in die wêreld gebring en in sy skaduwee het al die baie nasies kom woon.

⁷Hy was 'n mooi en 'n groot boom met wydgespreide takke, want sy wortels het tot by baie water gekom.

⁸“Die seders in die godetuin kon met hom nie meeding nie, die sipresse se takke was nie soos syne nie, nog minder dié van die platane. Daar was nie 'n boom in die godetuin wat so mooi as die seder was nie.

⁹Ek het hom 'n mooi boom gemaak met sy baie takke, en al die bome in die godetuin Eden was jaloers op die seder.”

¹⁰So sê die Here my God: “Die seder het hoog gegroei, sy top was tussen die wolke, maar sy hoogte het hom hooghartig gemaak.

¹¹Daarom het Ek hom oorgegee in die mag van die gesagvoerder oor die volke. Dié het met hom gedoen wat sy boosheid verdien. Ek het die seder verwerp.

¹²Vreemdes het hom afgekap, wrede nasies, en hom omgegooi. Sy takke het geval op die berge en in al die valleie, stukkend geval in al die klowe van die aarde. Al die volke van die aarde moes sy skaduwee verlaat en hom daar laat lê.

¹³“Al die voëls het kom sit op sy omgevalle stam, al die wilde diere het tussen sy takke rondgeloop.

¹⁴Geen boom by die water sal weer so hoog groei nie, nie een se top sal tot tussen die wolke kom nie, geen boom sal weer soveel water hê dat hy so hoog sal staan nie. Hulle word almal oorgegee in die mag van die dood. Hulle plek is onder die grond tussen die mense wat in die graf is.”

¹⁵So sê die Here my God: “Die dag toe die seder na die doderyk toe af is, het Ek die onderaardse waters oor hom laat treur en die strome teruggehou, sodat die baie water opgeraak het. Ek het die Libanon ook laat treur oor die seder; al die bome het verdroog.

¹⁶Ek het die nasies laat sidder van die gedreun van die seder se val toe Ek hom die doderyk ingestuur het na dié toe wat in die graf is. Al die bome van Eden, die uitsoekbome, die bestes op die Libanon, almal wat aan die water gestaan het, was bly daar onder die aarde.

¹⁷Hulle is ook saam na die doderyk toe, na dié toe wat gesnuwel het. Maar die mense wat in die seder se skaduwee gewoon het, is onder die nasies verstrooi.

¹⁸“Wie onder die bome van Eden het soveel mag gehad, was so groot as jy, koning van Egipte? Tog sal jy saam met die bome van Eden afgaan graf toe en daar tussen die eerloses lê saam met dié wat gesnuwel het, jy, farao, en jou hele leer.” Die Here my God sê dit.

Esegiël 32

'n Treurlied oor die farao

¹Op die eerste van die twaalfde maand, in die twaalfde jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

²“Mens, sing 'n treurlied oor die farao, koning van Egipte. Jy moet oor hom sê: “Jy was soos 'n leeu onder die nasies, maar jy is tot swye gebring. Jy was soos die groot monster in die see, jy het jou rivierwaters laat kook, die waters troebel gemaak met jou voete, die riviere modderig laat word.”

³So sê die Here my God: “Tussen die baie nasies wat saamgekom het, gooi Ek my vangnet oor jou, en hulle trek jou op in my net.

⁴Ek gooi jou op die grond, Ek slinger jou die veld in, Ek laat al die voëls op jou kom sit, Ek laat die roofdiere hulle vol vreet aan jou.

⁵Ek sit jou vleis op die berge neer, Ek maak die valleie daarmee vol.

⁶Met jou bloed wat op die berge uitgeloop het, deurweek Ek die grond; selfs die spruite word vol van jou bloed.

⁷Wanneer Ek jou tot niet maak, maak Ek die hemel toe en laat Ek die sterre se lig nie deurmaak nie, Ek maak die son toe met 'n wolk, en die maan sal nie skyn nie.

⁸Ek laat al die hemelliggame treur oor jou en maak dit donker op die aarde, sê die Here my God.

⁹“Wanneer Ek jou ondergang bekend laat word onder nasies in lande waarvan jy nie eens geweet het nie, sal Ek al die volke ontsteld laat raak.

¹⁰Ek laat al die volke verskrik staan oor wat met jou gebeur; hulle konings se hare sal rys oor wat met jou gebeur wanneer Ek voor hulle oë my swaard swaai. Hulle sal sidder van angste oor hulle eie lewens dié dag wanneer jy tot 'n val kom.”

¹¹So sê die Here my God: “Die koning van Babel se swaard is in aantog teen jou:

¹²Ek laat jou hordes val voor die aanslag van sy soldate, almal wrede mense; hulle sal die trots van Egipte vernietig, sy hele leer sal uitgeroei word.

¹³Ek roei al sy vee uit daar langs die baie water. Die water sal nie meer geroer word deur die voet van 'n mens of modderig gemaak word deur vee se potenie.

¹⁴Dan sal Ek die water weer helder laat word en Egipte se strome so rustig laat vloei soos strome olie,” sê die Here my God.

¹⁵“Wanneer Ek Egipte 'n verlate land maak, hom stroop van wat in hom is, wanneer Ek al sy inwoners laat omkom, sal hulle besef dat Ek die Here is.

¹⁶Dit is die treurlied wat gesing sal word; die vroue van ander nasies sal dit sing, hulle sal dit sing oor Egipte en al sy hordes,” sê die Here my God.

Jy kom saam met die eerloses tot 'n einde, Egipte

¹⁷Op die vyftiende van die maand, in die twaalfde jaar, het die woord van die Here tot my gekom:

¹⁸“Mens, sing vir die hordes van Egipte die lied wat vir dooies gesing word. “Stuur hulle en ook die ander magtige nasies af in die graf in na dié toe wat reeds dood is.

¹⁹Moet dit met julle beter gaan as met ander? Gaan af, gaan lê by die eerloses!

²⁰Hulle val tussen dié wat gesnuwel het. Die swaard het sy werk gedoen: Egipte en al sy hordes word weggesleep.

²¹Uit die graf sê die magtige krygsmannë oor Egipte en sy helpers: ‘Hulle is af graf toe, hulle lê by die eerloos, by dié wat gesnuwel het!’

²²Assirië en sy hele leërmag is daar. Rondom hom lê die grafte van sy mense, almal dood, afgemaai deur die swaard.

²³Sy grafte lê diep in die doderyk; rondom hom lê sy leërmag begrawe, almal dood, afgemaai deur die swaard, dié mense wat verskrikking gesaai het in die land van die lewendes.

²⁴“Elam en al sy hordes is daar; hulle lê rondom hom begrawe, almal dood, afgemaai deur die swaard. Dié mense wat eerloos af is na die doderyk toe, is die mense wat verskrikking gesaai het in die land van die lewendes. Nou dra hulle hulle vernedering saam met dié wat reeds dood is.

²⁵Elam het sy plek gekry tussen die dooies, met die grafte van al sy hordes rondom hom, almal eerloos afgemaai deur die swaard. Hulle het verskrikking gesaai in die land van die lewendes, maar nou dra hulle hulle vernedering saam met dié wat reeds dood is; hulle het tussen die dooies beland.

²⁶“Mesek-Tubal en al sy hordes is daar; hulle grafte lê rondom syne; almal is eerloos deurboor met die swaard. Hulle het verskrikking gesaai in die land van die lewendes,

²⁷maar hulle lê nie by die krygsmannë wat eervol gesnuwel het nie, dié wat af is doderyk toe met hulle wapens, wie se swaarde onder hulle koppe gesit is en wie se skilde oor hulle bene lê. Mesek-Tubal en sy hordes het verskrikking gesaai in die land van die lewendes.

²⁸“Jy kom saam met die eerloos tot 'n einde, Egipte, jy moet by dié wat deur die swaard afgemaai is, gaan lê.

²⁹“Edom, sy konings, al sy regeerders is daar; ten spyte van hulle mag het hulle beland by dié wat afgemaai is deur die swaard; hulle lê by die eerloos, by dié wat reeds dood is.

³⁰“Die vorste van die noorde is daar, hulle almal en al die Sidoniërs. Dié mense wat met hulle mag verskrikking gesaai het, het die neerlaag gely en lê eerloos by dié wat afgemaai is deur die swaard; hulle dra hulle vernedering saam met dié wat reeds dood is.

³¹“Wanneer die farao hulle sien, sal dit vir hom 'n troos wees as hy dink aan al sy hordes wat gesnuwel het, die farao met sy hele leer,” sê die Here my God.

³²“Ek het hom toegelaat om verskrikking te saai in die land van die lewendes, maar nou moet hy tussen die eerloses gaan lê, by dié wat gesnuwel het, hy, die farao, en al sy hordes,” sê die Here my God.

Esegiël 33

Ek sal elke mens oordeel volgens sy doen en late

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, praat met die mense van jou volk en sê vir hulle: Wanneer Ek oorlog oor 'n land bring, en die mense van die land vat een van hulle en stel hom as 'n wag aan,

³en hy sien die vyand aankom en blaas die ramshoring en waarsku sy mense,

⁴en hulle hoor die ramshoring maar slaan nie ag op die waarskuwing nie, dan is hulle verantwoordelik vir hulle eie dood.

⁵Hulle het die ramshoring gehoor maar nie op die waarskuwing ag geslaan nie, hulle is self verantwoordelik vir hulle dood. Dit is net dié wat op die waarskuwing ag slaan, wat hulle lewens red.

⁶Maar wanneer die wag die vyand sien aankom en nie die ramshoring blaas sodat die mense gewaarsku word nie, en die vyand kom en maak party van die land se mense dood, dan sterf dié mense wel deur hulle eie sonde, maar Ek sal van die wag rekenskap eis vir hulle dood.

⁷“Mens, Ek het jou die wag vir Israel gemaak. Wanneer jy by My die opdrag ontvang, moet jy hulle namens My waarsku.

⁸Wanneer Ek van die goddelose sê dat hy sal sterwe, en jy praat nie en waarsku hom nie oor sy doen en late nie, sal hy deur sy sonde sterf, maar Ek sal jou verantwoordelik hou vir sy dood.

⁹Wanneer jy die goddelose waarsku oor sy optrede om hom daarvan te laat afsien, en hy sien nie daarvan af nie, dan sterf hy deur sy sonde en het jy jou eie lewe behou.

¹⁰“Mens, jy moet vir Israel sê: Julle sê: ‘Ons opstandigheid, ons sonde rus swaar op ons, ons vergaan daaronder, hoe kan ons nog lewe?’

¹¹“Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?

¹²“Mens, jy moet vir die mense van jou volk sê: Die goeie daade van 'n goeie mens sal hom nie red die dag as hy teen My in opstand kom nie, en die slegte daade van 'n goddelose sal nie teen hom tel die dag as hy hom van sy slegte daade bekeer nie. Die goeie mens sal nie deur sy goeie daade bly lewe die dag as hy sondig nie.

¹³Wanneer Ek vir 'n goeie mens sê hy sal die lewe behou, en hy vertrou op sy goeie daade en hy pleeg onreg, sal al sy goeie daade nie in sy guns tel nie; hy sal sterf omdat hy onreg gepleeg het.

¹⁴En wanneer Ek vir 'n goddelose sê hy sal sekerlik sterwe, en hy bekeer hom van sy sonde en hy laat reg geskied en doen reg,

¹⁵hy gee die goed terug wat hy as waarborg vir skuld gevat het, hy betaal terug wat hy geroof het, hy lewe volgens die voorskrifte wat lewe gee en hy pleeg nie onreg nie, sal hy lewe, hy sal nie sterwe nie.

¹⁶Al die sonde wat hy gedoen het, sal hom nie toegereken word nie; hy laat nou reg geskied en hy doen reg, en daarom sal hy in die lewe bly.

¹⁷“Die mense van jou volk sê: ‘Die Here tree nie reg op nie,’ maar dit is hulle wat nie reg optree nie.

¹⁸Wanneer 'n goeie mens sy goeie daade laat vaar en onreg pleeg, sterf hy oor die onreg.

¹⁹Wanneer 'n goddelose afsien van sy slegte daade en reg laat geskied en reg doen, bly hy daaroor in die lewe.

²⁰Julle sê: 'Die Here tree nie reg op nie,' Israel? Ek sal elke mens onder julle oordeel volgens sy doen en late."

Jerusalem is ingeneem

²¹Op die vyfde van die tiende maand, in die twaalfde jaar van ons ballingskap, het daar iemand by my aangekom wat uit Jerusalem ontsnap het en vir my gesê: "Die stad is ingeneem! "

²²Die mag van die Here het my in besit geneem die aand voor die ontsnapte gekom het. Die Here het my in staat gestel om weer te praat voordat die man die oggend by my gekom het. Die Here het my in staat gestel om weer te praat, ek was nie meer stom nie.

Ek maak Israel 'n verlate, verwoeste plek

²³Die woord van die Here het tot my gekom:

²⁴"Mens, dié wat daar tussen die puinhope in Israel woon, sê: 'Abraham was net een mens, en hy het die land as besitting ontvang. Ons is baie; dié land is aan ons gegee as 'n besitting! '

²⁵Sê vir hulle: So sê die Here my God: Julle het aan heidense offermaaltye deelgeneem, julle het by julle afgode hulp gesoek, julle het bloed vergiet, en julle wil die land as besitting hê?

²⁶Julle staan met die swaard in die hand, julle doen afskuwelike dinge, julle onteer mekaar se vrouens, en julle wil die land as besitting hê?

²⁷"Jy moet vir hulle sê: So sê die Here my God: So seker as Ek leef, wie daar tussen die puinhope is, sal afgemaai word met die swaard; wie in die veld is, sal kos word vir die roofdiere; wie in die berge en grotte skuil, sal aan pes doodgaan.

²⁸Ek maak die land 'n verlate, verwoeste plek; Ek maak 'n einde aan die mag waarop hulle hulle beroem. Die berge van Israel sal verlate wees; niemand sal daar kom nie.

²⁹Wanneer Ek die land 'n verlate, verwoeste plek maak oor al die afskuwelike dinge wat hulle gedoen het, sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Hulle sal besef dat daar 'n profeet tussen hulle was

³⁰“Mens, die mense van jou volk praat oor jou oral langs die mure en by die ingange van die huise. Hulle sê vir mekaar: ‘Kom hoor watter boodskap daar van die Here af gekom het’,

³¹hulle kom na jou toe asof dit 'n volksoptog is, hulle gaan sit voor jou, hierdie volk van My, en hulle hoor wat jy sê, maar hulle doen nie wat jy sê nie. Al wat hulle doen, is om aan die begeertes toe te gee waaroor hulle gedurig praat; hulle is net uit op wins vir hulleself.

³²Jy is vir hulle maar net soos iemand wat met 'n mooi stem liedjies vol begeerte sing en die lier goed speel; hulle hoor wat jy sê, maar hulle doen niks van wat jy sê nie.

³³Maar wanneer wat jy sê, uitkom, en uitkom sál dit, sal hulle besef dat daar 'n profeet tussen hulle was.”

Esegiël 34

Ek gaan optree teen die herders

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, tree op as profeet teen die herders van Israel, tree op as profeet en sê vir hulle, vir die herders: So sê die Here my God: Ellende wag vir die herders van Israel wat net vir hulleself sorg! Moet herders dan nie vir die kleinvee sorg nie?

³Julle drink die melk, julle maak vir julle klere van die wol, julle slag die vetste kleinvee, maar julle sorg nie vir die kleinvee nie.

⁴Julle het nie die swakkes gehelp nie, julle het nie die siekes gedokter nie, julle het nie die wonde van dié wat seergekry het, versorg nie, julle het nie dié wat

weggedwaal het, teruggebring nie, julle het nie dié wat weggeraak het, gesoek nie. Julle was harde en wrede regeerders.

⁵Die kleinvee was sonder herder en het verstrooi geraak, en toe hulle verstrooi raak, word hulle 'n prooi vir roofdiere.

⁶My kleinvee het rondgedwaal oor al die berge en oor al die hoë heuwels, hulle het verstrooi geraak oor die hele aarde en niemand het hulle gesoek of na hulle gevra nie.”

⁷Daarom, herders, hoor die woord van die Here:

⁸“My kleinvee is uitgelewer en het die prooi van enige wilde dier geword; hulle is sonder herder, sonder iemand wat na hulle soek; die herders het vir hulleself gesorg en nie vir my kleinvee nie. So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “Ek sal die herders straf.”

⁹Hoor die woord van die Here, herders!

¹⁰So sê die Here my God: “Ek gaan optree teen die herders: Ek eis my kleinvee van hulle terug, Ek maak 'n end daaraan dat hulle die kleinvee se herders is, hulle sal nie herders bly net om vir hulleself te sorg nie. Ek sal my kleinvee red en hulle nie deur die herders laat opeet nie.”

Ek sal self my kleinvee se herder wees

¹¹So sê die Here my God: “Ek sal self my kleinvee soek en na hulle omsien.

¹²Soos 'n herder omsien na die kleinvee wat uit sy trop verstrooi raak, so sal Ek omsien na my kleinvee en hulle red uit al die plekke waarheen hulle verstrooi is op daardie donker oordeelsdag.

¹³Ek sal hulle tussen die ander volke uitbring, hulle bymekaarmaak uit die ander lande en hulle bring na hulle land toe. Ek sal hulle versorg op die berge van Israel, in die klowe, in al die woonplekke in die land.

¹⁴Ek sal vir hulle sorg vir goeie weiding. Hulle sal wei op die hoë berge van Israel en rustig daar in die goeie weiveld lê en herkou. Hulle sal op geil veld wei daar in die berge van Israel.

¹⁵Ek sal self my kleinvee se herder wees en hulle rustig laat lê en herkou,” sê die Here my God.

¹⁶“Ek sal dié soek wat weggeraak het, dié terugbring wat weggedwaal het, die wonde versorg van dié wat seergekry het, die swakkes help. Maar Ek sal dié wat vet en sterk geword het, uitroei. Ek sal 'n herder wees wat reg laat geskied.

¹⁷“En wat julle betref, my kleinvee,” sê die Here my God, “Ek gaan regverdig oordeel tussen skaap en skaap en tussen skape en bokke.

¹⁸Party van julle het die beste gras afgewei en boonop wat oorgebly het, vertrap. Julle het skoon water gedrink en wat oorgebly het, vuil gemaak.

¹⁹My ander skape moes die gras vreet wat deur julle vertrap is en die water drink wat deur julle vuil gemaak is.

²⁰“Daarom,” so sê die Here my God, “gaan Ek nou regverdig oordeel tussen die vet skape en die maeres.

²¹Julle het die swakkes met julle lywe en skouers weggestoot en hulle met julle horings gestamp totdat julle hulle weggedryf het.

²²Maar Ek gaan my kleinvee red. Hulle sal nie meer uitgelewer wees as buit nie. Ek gaan regverdig oordeel tussen skaap en skaap.

²³Ek gaan vir hulle net een herder aanstel, en hy sal vir hulle sorg: my dienaar Dawid. Hy sal vir hulle sorg, hy sal vir hulle 'n herder wees.

²⁴Ek, die Here, sal hulle God wees, en my dienaar Dawid sal oor hulle regeer. Ek, die Here, het dit gesê.

²⁵Ek sal met hulle 'n verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring. Ek sal die roofdiere uitroei uit die land sodat my kleinvee veilig kan wees in die weiveld en in die bosse kan slaap.

²⁶Ek maak hulle en alles rondom my heuwel voorspoedig; Ek laat die reëns val op die regte tyd, reëns wat voorspoed sal bring.

²⁷Die bome sal hulle vrugte lewer en die grond sy opbrengs, en my volk sal veilig wees in hulle land. Wanneer Ek die juk wat op hulle gedruk het, stukkend

breek en hulle red uit die mag van dié wat slawe wou maak van hulle, sal hulle besef dat Ek die Here is.

²⁸Hulle sal nie weer die buit van ander nasies word nie en nie meer deur roofdiere opgevrete word nie. Hulle sal veilig woon en vir niemand hoef bang te wees nie.

²⁹Ek gee hulle 'n land wat beroemd sal word vir sy vrugbaarheid; hulle sal nie weer deur hongersnood geteister word nie en hulle sal nie weer deur ander nasies verneder word nie.

³⁰Hulle sal besef dat Ek, die Here hulle God, by hulle is en dat hulle my volk Israel is,” sê die Here my God.

³¹“Julle is my kleinvee, julle is die volk vir wie Ek sorg, en Ek is julle God,” sê die Here my God.

Esegiël 35

Teen Edom

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, draai jou gesig na die bergland van Seïr toe en tree op as profeet teen hom.

³Jy moet vir hom sê: So sê die Here my God: “Ek gaan teen jou optree, bergland van Seïr, Ek gaan my hand teen jou uitsteek en jou 'n verlate, verwoeste land maak.

⁴Jou stede gaan Ek puinhope maak en vir jou 'n verlate land, en jy sal besef dat Ek die Here is.

⁵“Jy was van ouds af 'n vyand van die Israeliete en jy het hulle aan die swaard uitgelewer die tyd toe die ramp hulle getref het en hulle vir hulle sonde gestraf is.

⁶So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “Ek laat jou bloed vloei; jou moorde sal jou inhaal. Omdat jy self nie geskroom het om bloed te laat vloei nie, sal die moorde jou inhaal.

⁷Ek maak die bergland van Seïr 'n verwoeste, verlate land, Ek roei al wat beweeg, uit hom uit.

⁸Ek laat die lyke van sy mense sy berge vol lê; dié wat deur die swaard afgemaai is, sal val op jou heuwels, in jou valleie, in al jou klowe.

⁹Ek maak jou vir altyd 'n verlate land, jou stede sal nie weer bewoon word nie. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.

¹⁰“Jy het gesê: ‘Al twee volke en altwee lande is nou myne, ons gaan daardie land vat. Die Here is daar!’

¹¹“So seker as Ek leef,” sê die Here my God, “Ek gaan met jou maak wat jy met Israel gemaak het in jou haat teen hulle, in jou woede en jou afguns. Ek sal hulle laat besef wie Ek is wanneer Ek jou straf,

¹²en jy sal besef dat Ek die Here is. Ek het gehoor hoe smalend jy oor die berge van Israel gepraat het toe jy gesê het: ‘Hulle lê verlate, hulle is vir ons gegee om verder te ruïneer.’

¹³Julle het groot monde gehad teen My, julle het My vermetel aangespreek. Ek het dit gehoor.”

¹⁴So sê die Here my God: “Die hele wêreld sal juig as Ek jou 'n onbewoonde land maak.

¹⁵So het jy gejuig toe die besitting van Israel 'n onbewoonde land gemaak is. Ek gaan jou ook onbewoon maak. Die bergland van Seïr, die hele Edom, gaan 'n land sonder inwoners word. Dan sal hulle besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 36

Ek laat mense op die berge van Israel woon soos vroeër

¹“Mens, nou moet jy as profeet optree vir die berge van Israel. Jy moet sê: Berge van Israel, hoor die woord van die Here!

²So sê die Here my God: Julle vyand het van julle gesê: ‘A, daardie oeroue hoogtes het nou ons s'n geword!’

³“Tree op as profeet en sê: So sê die Here my God: Julle is van alle kante af verwoes en aangeval en julle het die eiendom geword van wat oor is van die ander nasies. Julle is bespot en verneder.”

⁴Daarom, berge van Israel, hoor die woord van die Here my God! So sê die Here my God vir die berge, die heuwels, die klowe, die valleie, vir die verlate puinhope, die onbewoonde stede wat geplunder en verneder is deur die mense wat van die nasies rondom oor is,

⁵so sê die Here my God: “Ek praat in gloeiende woede oor wat oor is van die ander nasies en oor die hele Edom wat met soveel genot en minagting my land vir hulleself gevat het om sy weivelde buit te maak.

⁶“Tree op as profeet vir die land Israel en sê vir die berge, die heuwels, die klowe, die valleie: So sê die Here my God: Ek praat in woede, in toorn oor die vernedering wat julle deur die nasies aangedoen is! ”

⁷So sê die Here my God: “Ek lê 'n eed af dat die nasies rondom julle self verneder sal word!

⁸Maar julle, berge van Israel, moet sorg dat daar bome met takke en vrugte is vir my volk Israel, hulle terugkoms is naby.

⁹Ek sal na julle omsien en vir julle sorg: julle sal bewerk en beplant word.

¹⁰Ek sal sorg dat daar baie mense op julle woon, die hele Israel. Die stede sal weer bewoon word, die puinhope herbou word.

¹¹Ek sal sorg dat daar baie mense en diere op julle is, en hulle sal vrugbaar wees en vermeerder. Ek laat mense op julle woon soos vroeër, dit sal met julle beter gaan as vroeër en julle sal besef dat Ek die Here is.

¹²Ek sal weer mense op julle laat loop: my volk Israel. Hulle sal julle in besit neem as hulle eiendom en julle sal hulle nie weer kinderloos laat word nie.”

¹³So sê die Here my God: “Die mense sê van julle, berge van Israel, dat julle mense opvreet en dat julle julle bewoners afskud.

¹⁴Maar julle sal nie weer mense opvreet nie en nie weer julle bewoners afskud nie,” sê die Here my God.

¹⁵“Ek sal nie toelaat dat julle weer die vernederende aanmerkings van ander nasies moet aanhoor en deur hulle verkleineer word nie. Julle sal nie weer julle bewoners afskud nie,” sê die Here my God.

Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie

¹⁶Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁷“Mens, toe Israel nog in hulle land gewoon het, het hulle die land verontreinig met hulle optrede en hulle gedrag. Hulle optrede was in my oë net so onrein as 'n vrou wat menstrueer.

¹⁸Ek het my toorn oor hulle laat losbreek oor die bloed wat hulle vergiet het en oor die afgode waarmee hulle die land verontreinig het.

¹⁹Ek het hulle verstrooi onder die ander nasies en hulle na ander lande toe uitmekaargejaag. Ek het hulle gestraf oor hulle optrede en hulle gedrag.

²⁰En toe hulle daar by die ander nasies kom, het hulle my heilige Naam oneer aangedoen toe die mense van hulle sê: ‘Maar dit is mos die volk van die Here hierdie, hulle kom uit sy land.’

²¹Ek is begaan oor my heilige Naam wat oneer aangedoen word deur Israel onder die nasies waar hulle gekom het.

²²Daarom, sê vir Israel: So sê die Here my God: Dit is nie ter wille van julle dat Ek optree nie, Israel, maar ter wille van my heilige Naam wat deur julle oneer aangedoen is onder die nasies waar julle gekom het.

²³Ek sal die heiligheid van my groot Naam laat blyk wat onder die nasies in oneer gekom het. Julle het my Naam oneer aangedoen onder die nasies. Wanneer Ek my heiligheid laat blyk in wat Ek met julle doen voor die oë van die nasies, sal hulle besef dat Ek die Here is,” sê die Here my God.

²⁴“Ek sal julle tussen die nasies uit wegvat, julle uit al die lande bymekaarmaak en julle na julle land toe bring.

²⁵Ek sal reinigingswater oor julle uitgooi sodat julle rein kan word. Ek sal julle reinig van al julle onreinheid en van al julle afgodery.

²⁶Ek sal julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees gee, Ek sal die kliphart uit julle liggaam uithaal en julle 'n hart van vleis gee.

²⁷Ek sal my Gees in julle gee en Ek sal maak dat julle volgens my voorskrifte leef en my bepalings gehoorsaam en nakom.

²⁸Julle sal in die land woon wat Ek aan julle voorvaders gegee het, julle sal my volk wees en Ek sal julle God wees.

²⁹Ek sal julle bevry van alles waarmee julle julle verontreinig het, Ek sal die graan aanspreek en sorg dat dit baie is; Ek sal nie weer hongersnood oor julle bring nie.

³⁰Ek sal sorg dat daar baie vrugte aan die bome is en groot oeste op die lande sodat julle nie weer die vernedering onder die nasies beleef dat julle hongersnood het nie.

³¹Dan sal julle terugdink aan julle bose optrede en julle gedrag wat nie goed was nie, en julle sal 'n afsku hê van julleself oor julle sonde en julle afskuwelike dade.

³²Julle moet weet, sê die Here my God, dat Ek dié dinge nie ter wille van julle doen nie. Al wat julle pas, Israel, is skaamte en skande oor julle optrede.”

³³So sê die Here my God: “Die dag as Ek julle van julle sonde reinig, sal Ek sorg dat julle stede weer bewoon word en sal julle puinhoop herbou word.

³⁴Die kaalgestroopte land sal bewerk word in plaas daarvan dat dit kaal lê voor die oë van almal wat daar verbygaan.

³⁵Hulle sal sê: ‘Dié land was verlate en nou is hy soos die tuin van Eden; die stede het in puin gelê, hulle was verlate en verwoes, en nou is hulle vestingstede met inwoners.’

³⁶Die nasies wat nog rondom julle oor is, sal besef dat dit Ek, die Here, is wat die verwoeste stede herbou het en die kaalgestroopte land weer beplant het. Ek, die Here, sê dit en Ek sal dit doen.”

³⁷So sê die Here my God: “Ek sal ook nog dít vir Israel doen in antwoord op hulle gebede: Ek sal hulle soos kleinvee laat vermeerder.

³⁸Die stede wat nou in puin lê, sal net so vol mense wees as wat Jerusalem vol kleinvee is in die feestye, kleinvee vir die offers. Dan sal Israel besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 37

Ek sal julle terugbring

¹Die mag van die Here het my in besit geneem en my deur die Gees van die Here uitgebring en neergesit binne-in 'n laagte. Die laagte was vol bene.

²Die Here het my om die bene laat loop, en ek het gesien daar is baie bene in die laagte en hulle is baie droog.

³Toe vra Hy vir my: “Mens, kan daar in hierdie bene weer lewe kom? ” Ek het geantwoord: “Nee, dit weet net U, Here my God.”

⁴Hy sê toe vir my: “Tree op as profeet vir hierdie bene en sê vir hulle: Hoor die woord van die Here, droë bene!

⁵So sê die Here my God vir hierdie bene: Ek gaan gees in julle laat kom sodat julle kan lewe:

⁶Ek sal vir julle senings en vleis aansit en julle oortrek met vel en dan sal Ek gees in julle gee sodat julle kan lewe. Dan sal julle besef dat Ek die Here is.”

⁷Ek het toe as profeet opgetree soos ek beveel is, en terwyl ek dit doen, hoor ek 'n gedreun: die bene het na mekaar toe beweeg, elkeen na die been toe wat by hom pas.

⁸Terwyl ek kyk, kom daar senings en vleis aan hulle en word daar vel bo-oor getrek. Maar daar was nog nie gees in hulle nie.

⁹Toe sê die Here vir my: “Praat nou as profeet met die gees, tree op as profeet, mens, sê vir die gees: So sê die Here my God: Kom uit die vier windstreke, gees, blaas in hierdie dooies in dat hulle kan lewe.”

¹⁰Ek het as profeet opgetree soos die Here my beveel het, en toe kom die gees in hulle, en hulle lewe en gaan staan regop. Dit was 'n baie groot menigte.

¹¹Die Here het vir my gesê: “Mens, al hierdie bene stel die hele Israel voor. Hulle sê: ‘Ons bene is uitgedroog, ons het geen hoop meer nie, dit is klaar met ons.’

¹²Tree op as profeet, sê vir hulle: So sê die Here my God: Ek sal julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, en Ek sal julle terugbring na die land Israel toe.

¹³Wanneer Ek julle grafte oopmaak en julle laat uitkom, my volk, sal julle besef dat Ek die Here is.

¹⁴Ek sal my Gees in julle laat kom sodat julle kan lewe en Ek sal julle in julle land laat woon. Dan sal julle besef dat Ek die Here is. Ek het dit gesê en Ek sal dit doen,” sê die Here.

Hulle sal nooit weer twee volke wees nie

¹⁵Die woord van die Here het tot my gekom:

¹⁶“Mens, vat 'n stuk hout en skryf daarop: Juda en die Israeliete wat sy bondgenote is. “Vat dan nog 'n stuk hout en skryf daarop: Josef. Dit is die stuk hout vir Efraim en die hele Israel wat sy bondgenote is.

¹⁷Druk dan die twee stukke hout teenmekaar sodat hulle soos een stuk in jou hand voel.

¹⁸Wanneer die mense van jou volk vir jou vra: ‘Wil jy nie vir ons vertel wat dit beteken nie?’

¹⁹moet jy vir hulle sê: So sê die Here my God: Ek vat die Josefhout wat staan vir Efraim en die Israelitiese stamme wat sy bondgenote is, en Ek sit dit teen die Judahout en Ek maak van die twee een stuk hout, sodat hulle in my hand een stuk is.

²⁰“Die stukke hout waarop jy geskryf het, moet in jou hand wees en die mense moet dit sien.

²¹Dan moet jy vir hulle sê: So sê die Here my God: Ek sal die Israeliete tussen die nasies uit vat waarheen hulle moes gaan, en hulle van alle kante af bymekaarmaak en na hulle land toe bring.

²²Ek sal van hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel, en hulle sal een koning hê. Hulle sal nooit weer twee volke wees nie, nooit weer in twee ryke verdeel word nie.

²³“Hulle sal hulle nooit weer verontreinig met afgode en afskuwelike dade en sondes nie. Ek sal hulle bevry uit al hulle woonplekke waar hulle gesondig het en hulle reinig. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees.

²⁴My dienaar Dawid sal koning oor hulle wees; hulle almal sal net een herder hê, en hulle sal volgens my bepalings leef en my voorskrifte gehoorsaam en nakom.

²⁵Hulle sal in die land woon wat Ek aan my dienaar Jakob gegee het, waar hulle voorvaders gewoon het. Hulle sal altyd daar woon, hulle en hulle kinders en hulle kinders se kinders, en my dienaar Dawid sal hulle regeerder wees vir altyd.

²⁶Ek sal met hulle 'n verbond sluit wat vir hulle vrede sal bring, 'n verbond wat altyd sal bestaan. Ek sal hulle baie laat word en my heiligdom tussen hulle oprig om altyd daar te wees.

²⁷My woonplek sal by hulle wees; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

²⁸Wanneer my heiligdom vir altyd tussen hulle is, sal die ander nasies besef dat Ek, die Here, Israel vir My afgesonder het.”

Esegiël 38

Die dag wanneer Gog die land Israel aanval

¹Die woord van die Here het tot my gekom:

²“Mens, draai jou gesig na Magog se land toe, na Gog toe, die hoofregeerder van Mesek en Tubal, tree op as profeet teen hom

³en sê: So sê die Here my God: Ek gaan teen jou optree, Gog, hoofregeerder van Mesek en Tubal.

⁴Ek gaan jou in 'n ander rigting draai, Ek gaan hake in jou kakebene steek en jou uit jou land bring, jou en jou hele leërmag, die groot menigte perde en ruiters, almal pragtig aangetrek, almal toegerus met skilde en met swaarde in die hand.

⁵Persië, Kus en Put, almal met skild en helm, is saam met jou soldate,

⁶Gomer met al sy hordes, Bet-Togarma met syne, ver uit die noorde. Daar is 'n menigte volke tot jou beskikking.

⁷Maak klaar, hou jou gereed, jy en die hele leërmag wat jy bymekaar laat kom het, staan gereed saam met hulle.

⁸Jy sal na 'n lang tyd, in die verre toekoms, bevel kry en na 'n land toe gaan wat herstel is ná oorlog en waar baie mense weer tussen ander volke uit bymekaargebring is, daar op die berge van Israel wat so lank verwoes gelê het. Die mense is tussen die volke uit teruggebring en hulle woon almal veilig.

⁹Jy sal soos 'n stormwind op hulle toeslaan en soos 'n wolk die land bedek, jy en al jou hordes en die baie volke wat tot jou beskikking is.”

¹⁰So sê die Here my God: “Daardie dag sal daar gedagtes by jou opkom en sal jy 'n bose plan bedink.

¹¹Jy sal dink: ek gaan dié land wat so oop lê, aanval. Die mense woon so onbesorg en rustig, hulle woon in stede sonder mure en sonder poorte met sluitbalke;

¹²ek gaan hulle plunder en hulle besittings buit. Jy sal besluit om 'n aanval te maak op die puinhope wat weer bewoon word, die mense wat tussen die nasies uit versamel is en weer vee en besittings het en op die middelpunt van die aarde woon.

¹³Skeba, Dedan en die handelaars van Tarsis en sy buitedorpe sal vir jou vra: ‘Het jy gekom om te plunder? Het jy jou leërmag bymekaargemaak om oorlogsbuit te kry, om silwer en goud weg te dra, om vee en besittings te vat? Is jy op 'n groot plundertog uit? ’

¹⁴“Tree op as profeet, mens, en sê vir Gog: So sê die Here my God: Jy sal weet wanneer my volk sonder kommer oor hulle veiligheid in die land woon,

¹⁵en dan sal jy uit jou land ver in die noorde kom met die baie manskappe wat tot jou beskikking is, almal ruiters te perd, 'n groot mag, 'n magtige leer.

¹⁶Jy sal op my volk Israel toesak soos 'n wolk wat die land bedek. Dit sal in die verre toekoms wees dat Ek jou my land sal laat aanval en wanneer Ek jou, Gog, laat ervaar dat Ek die heilige God is, sal die nasies My erken.”

¹⁷So sê die Here my God: “Dit is jy oor wie Ek lank gelede gepraat het deur my dienaars die profete van Israel. Hulle het daardie tyd aangekondig dat Ek jou my volk sal laat aanval.

¹⁸“Maar,” sê die Here my God, “die dag wanneer Gog die land Israel aanval, sal my toorn teen hom losbreek.

¹⁹Ek sê dit met drif, in gloeiende gramskap: daardie dag sal daar 'n groot aardbewing kom in die land Israel.

²⁰Die visse in die see, die voëls in die lug, die diere in die veld, al die diertjies wat op die grond rondkruip en al die mense in die land, sal voor My bewe. Die berge sal omgekeer word, die kranse sal inmekaarstort, die mure in die land sal omval.

²¹Ek sal op al my berge oorlog teen Gog uitroep, sê die Here my God; Gog se manskappe sal mekaar met die swaard aanval.

²²Ek sal hom tref met pes en dood, Ek sal wolkbreuke, hael en brandende swael op hom laat reën en op sy hordes en op die baie manskappe wat tot sy beskikking is.

²³Ek sal My voor die oë van al die nasies laat ken as die groot en die heilige God, en hulle sal besef dat Ek die Here is.”

Esegiël 39

Gog en al sy hordes sal begrawe word

¹“Mens, tree op as profeet teen Gog en sê: So sê die Here my God: Ek gaan teen jou optree, Gog, hoofregeerder van Mesek en Tubal.

²Ek sal jou in 'n ander rigting laat draai en jou aan die hand lei en jou uit die verre noorde laat uitkom en jou die berge van Israel laat inval.

³Maar Ek sal jou boog uit jou linkerhand slaan en jou pyle uit jou regterhand laat val.

⁴Jy en al jou hordes en die ander volke wat tot jou beskikking is, sal op die berge van Israel sneuwel. Ek sal jou vir al die roofvoëls en die roofdiere gee om op te vreet.

⁵Jy sal in die oop veld sneuwel, want Ek het gepraat,” sê die Here my God.

⁶“Ek sal vuur instuur in Magog se land en onder die sorgelose kuslandbewoners, en hulle sal besef dat Ek die Here is.

⁷“Ek sal my heilige Naam laat ken onder my volk Israel; hulle sal my heilige Naam nooit weer oneer aandoen nie, en die ander nasies sal besef dat Ek die Here is, die Heilige van Israel.

⁸Dit kom, dit sal gebeur,” sê die Here my God. “Dit is die tyd waarvan Ek gepraat het.

⁹Die inwoners van die stede van Israel sal uitkom en met jou hordes se wapens vuurmaak. Hulle sal vuurmaak met groot skilde, klein skilde, boë, pyle, steekspiese en werpspieë, hulle sal sewe jaar lank met hulle vuurmaak.

¹⁰Hulle sal nie hout uit die veld hoef aan te dra of in die bos hoef te gaan kap nie, want hulle sal vuurmaak met jou wapens. Hulle sal dié plunder wat hulle geplunder het en die besittings buit van dié wat hulle s'n gebuit het,” sê die Here my God.

¹¹“Daardie dag sal Ek vir Gog 'n plek gee om begrawe te word in Israel, in Reisigersvallei, oos van die Dooie See. Die graf sal die reisigers se pad versper. Gog en al sy hordes sal daar begrawe word, en die plek sal die naam kry Vallei van die Gog-hordes.

¹²Dit sal Israel sewe maande neem om Gog en sy hordes te begrawe en so die land te reinig.

¹³Hulle sal begrawe word deur al die mense in die land en dit sal vir hulle roem bring die dag wanneer Ek My laat ken as die magtige God,” sê die Here my God.

¹⁴“Daar sal mense afgedeel word om die land deur te gaan en skoon te maak deur al die lyke wat in die land oorbly, te begrawe. Na sewe maande sal hulle die land deursoek:

¹⁵hulle sal deur die land gaan en wanneer iemand 'n been sien, sal hy dit met 'n stapel klippe merk sodat dié wat die begraafwerk doen, dit in die Vallei van die Gog-hordes kan gaan begrawe.

¹⁶So sal die land gereinig word. Daar sal ook 'n stad wees wat na die hordes vernoem is.”

Ek gaan My ontferm oor die hele Israel

¹⁷“Mens, so sê die Here jou God, sê vir al die voëls en vir al die roofdiere: Kom bymekaar, kom, versamel van alle kante af rondom die offermaaltyd wat Ek vir julle aanbied, die groot slagting op die berge van Israel; kom eet vleis en drink bloed.

¹⁸Julle sal vooraanstaande mense se vleis eet en die bloed drink van regeerders van die aarde, almal in so 'n goeie kondisie soos die vet ramme en bulle van Basan.

¹⁹Julle sal vet vleis eet tot versadigens toe en bloed drink tot julle dronk is, dié van my offermaaltyd wat Ek vir julle aanbied.

²⁰Julle kan julle aan my tafel versadig eet aan perde en strydwabemannings, aan dapper vegters en allerlei soldate,” sê die Here my God.

²¹“Ek openbaar my mag aan die nasies: al die nasies sal die oordeel sien wat Ek bring, die mag waarmee Ek teen hulle optree.

²²Van daardie dag af en verder sal Israel besef dat Ek die Here hulle God is.

²³“Die ander nasies sal besef dat die Israeliete in ballingskap weggevoer is oor hulle sonde, hulle ontrou teenoor My, en dat Ek hulle verwerp het en hulle oorgegee het in die mag van hulle vyande om almal deur die swaard afgemaai te word.

²⁴Ek het dit aan Israel gedoen, Ek het hulle verwerp oor hulle onreinheid en hulle opstandigheid.”

²⁵So sê die Here my God: “Ek gaan nou die lot van Jakob verander, Ek gaan My ontferm oor die hele Israel, Ek gaan die eer van my heilige Naam handhaaf.

²⁶⁻²⁷Wanneer hulle weer veilig in hulle land woon en vir niemand bang hoef te wees nie, wanneer Ek hulle terugbring onder die nasies uit en hulle bymekaarmaak uit die lande van hulle vyande, sal hulle die vernedering vergeet wat hulle moes ondergaan oor hulle ontrou aan My. Ek sal My voor die oë van al die nasies deur Israel laat erken as die heilige God.

²⁸Hulle sal besef dat Ek die Here hulle God is. Nadat Ek hulle in ballingskap laat wegvoer het na ander nasies toe, sal Ek hulle weer in hulle land bymekaarbring; niemand sal in ballingskap agterbly nie.

²⁹Ek sal hulle nooit weer verwerp nie; Ek het my Gees uitgestort op Israel,” sê die Here my God.

Esegiël 40

Esegiël word in 'n gesig na Jerusalem toe gebring

¹Dit was die tiende dag van die nuwe jaar, die vyf en twintigste jaar van ons ballingskap en die veertiende jaar nadat Jerusalem verwoes is. Presies op dié dag het die mag van die Here my in besit geneem en my

²in 'n gesig wat van God gekom het, na Jerusalem toe gebring. Hy het my na die land Israel toe gebring en my op 'n baie hoë berg neergesit. Aan die suidekant op die berg was daar geboue wat gelyk het na dié van 'n stad.

³Hy het my daarnatoe gebring en daar sien ek toe 'n man wat gelyk het of hy van brons is. Daar was 'n linnetou en 'n meetstok in sy hand, en hy het by 'n poort gestaan.

⁴Die man het vir my gesê: “Mens, jy moet goed kyk en luister, jy moet oplet na alles wat ek vir jou wys, want jy is hiernatoe gebring om alles vir jou te wys. Wat jy gesien het, moet jy dan vir Israel gaan sê.”

Die muur om die tempelgeboue

⁵Daar was 'n muur buite-om die tempelgeboue. Die meetstok wat die man in sy hand gehad het, was drie meter lank, langer dus as 'n gewone meetstok. Die man het die muur gemeet, en dit was drie meter breed en net so hoog.

Die buitenste oospoort

⁶Daarna het die man na die poort toe gegaan wat oos gekyk het, die trappe opgeklim en die poort se drumpel gemeet. Dit was drie meter breed. Daar was net een drumpel en hy was drie meter breed.

⁷Die sykamers binne-in die poortgebou was elkeen drie meter in die vierkant, en die mure tussen die sykamers was elkeen twee en 'n half meter dik. Aan die binnekant, agter teen die poortgebou, was daar 'n toegangsportaal. Die drumpel na die portaal toe was drie meter breed.

⁸Die man het die drumpel na die toegangsportaal toe gemeet. Dit was drie meter breed.

⁹Daarna het hy die toegangsportaal self gemeet. Dit was vier meter, en die mure weerskante van die agterste uitgang van die toegangsportaal was een meter dik.

¹⁰Aan weerskante binne-in die poortgebou was drie sykamers, almal ewe groot, en die mure tussenin was ewe dik.

¹¹Die man het ook die poort gemeet. As dit oop is, was dit vyf meter wyd, maar die volle wydte van die poort was ses en 'n half meter.

¹²Daar was afskortings voor die sykamers weerskante in die poortgebou. Die afskortings was 'n half meter dik en die sykamers was drie meter in die vierkant.

¹³Die man het verder die wydte van die poortgebou gemeet van waar die dak en die muur van een sykamer aan mekaar raak tot by dieselfde plek aan die teenoorgestelde kant. Die wydte was twaalf en 'n half meter. Die sykamers se ingange was die een reg teenoor die ander.

¹⁴Die man het dieselfde gedoen met die toegangsportaal. Die afstand na die kant van die voorhof toe agter rondom die poortgebou was dertig meter,

¹⁵en regoor die buitenste poortgebou voor die toegangsportaal van die binneste poort was dit vyf en twintig meter.

¹⁶Agter in die sykamers weerskante in die poortgebou en in die mure tussen die sykamers was daar vensteropenings met hortjies. Dit was ook die geval met die toegangsportaal. Daar was vensteropenings rondom in die poortgebou. Teen die mure tussen die vertrekke was daar palmversierings.

Die buitenste voorhof

¹⁷Daarna het die man my na die buitenste voorhof toe gevat. Rondom die voorhof was daar vertrekke en 'n plaveisel. Daar was dertig vertrekke teenaan die plaveisel.

¹⁸Die plaveisel was weerskante van die poorte en was so breed as wat die poorte lank was. Dit was die onderste plaveisel.

¹⁹Die man het die afstand gemeet tussen die voorkant van die buitenste poort en die buitekant van die binneste voorhof. Dit was vyftig meter aan die oosteen aan die noordekant.

Die buitenste noordpoort

²⁰Daarna het hy die lengte en die breedte gemeet van die poortgebou teen die buitenste voorhof, die poort wat noord gekyk het.

²¹Die poortgebou het ook weerskante drie sykamers gehad, en die afmetings van sy tussenmure en sy toegangsportaal was dieselfde as dié van die

poortgebou wat reeds beskryf is. Dié poortgebou was ook vyf en twintig meter lank en twaalf en 'n half meter wyd.

²²Sy vensteropenings, sy toegangsportaal en sy palmversierings was net so groot as dié van die poort wat oos gekyk het, en die poort is bereik deur middel van sewe trappe. Agteraan was ook 'n toegangsportaal.

²³Daar was 'n poortgebou teen die binneste voorhof regoor die noordpoort net soos in die geval van die oospoort. Die man het die afstand tussen die buitenste en die binneste poorte gemeet. Dit was vyftig meter.

Die buitenste suidpoort

²⁴Daarna neem die man my na die suidekant toe, waar die suidpoort was. Hy het die tussenmure en die toegangsportaal van die poortgebou gemeet, en dit was dieselfde as dié in die ander poortgeboue.

²⁵Net soos die ander, het dié poortgebou se toegangsportaal ook vensteropenings rondom gehad, en was hy vyf en twintig meter lank en twaalf en 'n half meter wyd.

²⁶Daar was sewe trappe op na die poort toe en agteraan was 'n toegangsportaal. Op elkeen van die tussenmure weerskante was daar 'n palmversiering.

²⁷Hier aan die suidekant was daar ook 'n poortgebou teen die binneste voorhof. Die man het die afstand tussen die binneste en die buitenste poortgeboue aan die suidekant gemeet. Dit was vyftig meter.

Die binneste suidpoort

²⁸Daarna het die man my deur die suidpoort na die binneste voorhof toe gebring, en die suidpoort daar gemeet. Die afmetings was dieselfde as dié van die ander.

²⁹Die sykamers, die tussenmure en die toegangsportaal in dié gebou het dieselfde afmetings gehad as dié in die ander. Die gebou self en die toegangsportaal het rondom vensteropenings gehad en was vyf en twintig meter lank en twaalf en 'n half meter wyd.

³⁰Elke poortgebou het 'n toegangsportaal gehad van twaalf en 'n half meter lank en twee en 'n half meter wyd.

³¹Die poortgebou het 'n toegangsportaal na die buitenste voorhof toe gehad, palmversierings aan sy tussenmure, en ag trappe op na die poort toe.

Die binneste oospoort

³²Daarna het die man my na die oostekant van die binneste voorhof toe gebring en die poort daar gemeet. Die afmetings was dieselfde as dié van die ander.

³³Die sykamers, die tussenmure en die toegangsportaal in dié gebou het dieselfde afmetings gehad as dié in die ander. Die gebou self en die toegangsportaal het rondom vensteropenings gehad en was vyf en twintig meter lank en twaalf en 'n half meter wyd.

³⁴Die gebou het 'n toegangsportaal na die buitenste voorhof toe gehad, daar was palmversierings aan die tussenmure weerskante, en ag trappe op na die poort toe.

Die binneste noordpoort

³⁵Daarna het die man my na die noordpoort toe gebring en dit gemeet. Die afmetings was dieselfde as dié van die ander.

³⁶Daar was sykamers, tussenmure en 'n toegangsportaal, en daar was vensteropenings rondom. Die poortgebou was vyf en twintig meter lank en twaalf en 'n half meter wyd.

³⁷Sy toegangsportaal was na die buitenste voorhof toe, daar was palmversierings aan die tussenmure weerskante en ag trappe op na die poort toe.

Die tafels vir die voorbereiding van die offers

³⁸Daar was 'n vertrek met sy deuropening in die toegangsportaal van die noordelike binnepoort. Dit is waar die brandoffers afgespoel is.

³⁹In die toegangsportaal was daar aan weerskante twee tafels waarop die diere vir die brandoffer, die sondeoffer en die skuldoffer afgeslag is.

⁴⁰Buite langs die toegangsportaal, by die noordelike poortingang, was daar twee tafels, en aan die ander kant van die toegangsportaal was daar ook twee tafels.

⁴¹Daar was dus aan weerskante van die poortingang vier tafels, altesaam ag, en die slagwerk is op hulle gedoen.

⁴²Daar was vir die brandoffer vier tafels van gekapte klip, elkeen 'n driekwart meter in die vierkant en 'n half meter hoog. Die gereedskap waarmee die offerdiere geslag is, is gebêre op

⁴³lyste van 'n kwart meter breed wat rondom teen die gebou aangebring is, en die vleis vir die offers is op die tafels neergesit.

Die kwartiere van die tempelpersoneel

⁴⁴Buitekant die binneste poort, in die binneste voorhof, was die vertrekke van die sangers. Die vertrekke was teen die noordpoort en het suid gekyk. Daar was ook teen die oospoort 'n vertrek, wat noord gekyk het.

⁴⁵Die man het vir my gesê: “Een vertrek wat suid kyk, is bedoel vir die priesters wat in die tempel diens doen.

⁴⁶Die vertrek wat noord kyk, is bedoel vir die priesters wat by die altaar diens doen. Net die Levitiese priesters uit die geslag van Sadok kan na die altaar toe kom om die diens aan die Here te verrig.”

Die binneste voorhof en die tempelgebou

⁴⁷Die man het die voorhof gemeet. Dit was vyftig meter in die vierkant. Die altaar was voor die tempel.

⁴⁸Daarna het hy my na die voorportaal van die tempel toe gebring en die mure weerskante van die portaal se ingang gemeet. Hulle was twee en 'n half meter lank aan weerskante. Die ingang was een en 'n half meter breed aan weerskante.

⁴⁹Die portaal was tien meter lank en ses meter breed, en die ingang is bereik deur middel van tien trappe. Daar was pilare teen die mure weerskante van die ingang, een aan elke kant.

Esegiël 41

¹Daarna het die man my in die tempel self gebring en die mure weerskante van die ingang van die tempel gemeet. Hulle was drie meter dik aan weerskante.

²Die wydte van die ingang was vyf meter, en dié van die mure aan weerskante was twee en 'n half meter lank. Die tempelvertrek was twintig meter lank en tien meter breed.

³Die man het toe na die binneste vertrek toe gegaan en die mure weerskante van die ingang gemeet. Hulle was een meter dik. Die ingang self was drie meter wyd en die mure aan weerskante drie en 'n half meter lank.

⁴Hy het die vertrek gemeet. Die lengte was tien meter en die breedte, net soos dié van die tempelvertrek, ook tien meter. Die man het vir my gesê: “Hierdie vertrek is die Allerheiligste.”

⁵Daarna het hy die muur van die tempelgebou gemeet. Dit was drie meter dik. Buite om die tempelgebou was daar kamers aangebou, twee meter breed.

⁶Die kamers was in drie verdiepings, elkeen met dertig kamers. Die muur waarop hierdie verdiepinggebou gerus het, was regoor elke verdieping dunner as regoor die vorige, sodat die verdiepings nie in die tempelmuur self nie maar in dié afsonderlike muur ingebou was.

⁷Die tempelgebou was dus rondom toegebou tot bo toe, en die kamers van elke verdieping was breër as dié van die vorige. Daar het trappe opgegaan van die onderste verdieping af deur die middelste na die boonste toe.

⁸Ek het gesien die tempelgebou is hoër as die ander gebou rondom. Die fondamente van die verdiepinggebou was 'n volle drie meter hoog.

⁹Die muur van die verdiepinggebou aan die buitekant was twee en 'n half meter breed. Die terras tussen die verdiepings teen die tempelgebou

¹⁰en die vertrekke rondom was tien meter.

¹¹Die ingange na die verdiepinggebou toe was van die terras af. Daar was ingange aan die noorde- en aan die suidekant. Die terras was rondom twee en 'n half meter breed.

¹²Daar was 'n gebou aan die westekant van die tempelplein. Die gebou was vyf en dertig meter breed en vyf en veertig meter lank, en sy muur rondom was twee en 'n half meter dik.

¹³Die man het eers die tempelgebou gemeet. Dit was vyftig meter lank. Daarna het hy die tempelplein agter die tempelgebou saam met die westelike gebou en sy mure gemeet, ook vyftig meter.

¹⁴Voor die tempelgebou aan die oostekant was die tempelplein vyftig meter wyd.

¹⁵Daarna het die man die westelike gebou aan die tempelplein agter die tempelgebou gemeet, saam met die gange weerskante van die groot gebou. Die afstand was vyftig meter. Die voorste en die binneste tempelvertrekke, die toegangsportaal uit die binneste voorhof uit,

¹⁶die drumpels, die hortjievensters en die gange rondom die tempelgebou, en ook die voorkante van die drumpels, was alles met hout oorgetrek. Van die grond af tot teen die vensteropenings was alles met hout oorgetrek, ook die vensteropenings self.

¹⁷Bokant die ingang en teen die tempelgebou binne en buite, teen al die mure rondom binne en buite, was daar reëlmatig

¹⁸gerubs en palmversierings aangebring, telkens 'n palm tussen twee gerubs. Elke gerub het twee gesigte gehad,

¹⁹'n mensgesig na die kant toe van die palm aan die een kant, en 'n leeugesig na die kant toe van die palm aan die ander kant. Die versierings was rondom teen die hele tempelgebou aangebring.

²⁰Van die grond af tot bokant die ingang was daar gerubs en palms aangebring, ook teen die muur van die voorste tempelvertrek.

²¹Die voorste tempelvertrek se deurkosyn was vierkantig, en dié van die Allerheiligste ook.

²²Die altaar in die voorste tempelvertrek was van hout, een en 'n half meter hoog en een meter lank. Sy hoeke en sy kante rondom was van hout. Die man het vir my gesê: “Dit is die tafel wat in die teenwoordigheid van die Here staan.”

²³Die voorste tempelvertrek en die Allerheiligste het elkeen 'n deur gehad.

²⁴Elke deur het twee deurvleuels, twee swaaideure, gehad.

²⁵Op die swaaideure, op dié van die voorste tempelvertrek, was gerubs en palms aangebring net soos op die mure. Voor die toegangsportaal aan die buitekant was 'n afdak van hout.

²⁶In die mure weerskante van die ingangsportaal was daar vensteropenings met hortjies, en teen die mure was palmversierings. Dit was ook die geval met die verdiepinggebou rondom die tempel en met die afdakke.

Esegiël 42

¹Die man het my toe uitbring na die buitenste voorhof toe aan die noordekant en my by 'n kamergebou gebring regoor die tempelplein en noord van die westelike gebou.

²Die lengte van die gebou aan die noordekant was vyftig meter en die breedte vyf en twintig meter.

³Die gebou het gegrens aan die tien meter wye strook teen die binneste voorhof en aan die deel van die tempelplein teen die buitenste voorhof. Die gebou was terrasvormig met drie vlakke, die een bokant die ander.

⁴Voor elke ry kamers was 'n loopgang van vyf meter breed en vyftig meter lank. Die ingange van die loopgange was aan die noordekant.

⁵Die kamers bo was kleiner as dié onder, want die terrasvlakke het meer van die boonste kamers se ruimte in beslag geneem as van die kamers onder en in die middel.

⁶Die kamers was in drie vlakke en het nie pilare gehad soos die voorhowe nie. Daarom was die boonstes kleiner as dié onder en in die middel.

⁷Daar was 'n muur voor die kamegebou al langs die buitenste voorhof. Die muur was vyf en twintig meter lank.

⁸Die lengte van die kamegebou was teen die buitenste voorhof vyf en twintig meter, maar aan die tempel se kant was dit vyftig meter.

⁹Die toegang uit die buitenste voorhof na die onderste kamers toe was aan die oostekant.

¹⁰Daar was ook kamers teen die muur van die buitenste voorhof, aan die suidekant teen die tempelplein. Daar was kamers teen die muur

¹¹met 'n gang voor hulle net soos voor die kamers aan die noordekant. Die kamers was net so lank en so breed as dié aan die noordekant, en hulle toegange en afmetings en uitgange

¹²was net soos dié van die kamers aan die noordekant. Daar was 'n ingang aan die punt van die gang, die gang langs die keermuur, aan die oostekant wanneer 'n mens ingaan.

¹³Die man het vir my gesê: “Dié kamers noord en suid van die tempelplein is gewyd. Dit is die eetplek van die priesters wat aan die Here die besondere gewyde offers bring. Daar sit hulle die besondere gewyde offergawes neer: die graanoffer, die sondeoffer en die skuldoffer. Dié plek is 'n gewyde plek.

¹⁴“Wanneer die priesters hier ingekom het, mag hulle nie uit die gewyde gebied na die buitenste voorhof toe gaan voordat hulle die klere waarin hulle diens gedoen het, uitgetrek het nie, want die klere is ook gewyd. Hulle moet eers ander klere aantrek, dan kan hulle na die gebied toe gaan wat vir die ander mense bedoel is.”

Die mure om die tempelgebied

¹⁵Nadat die man die tempelgebied klaar afgemeet het aan die binnekant, het hy my by die poort uitgeneem wat oos gekyk het en die mure buite-om gemeet.

¹⁶Eers het hy die oostekant gemeet met sy meetstok. Die muur hier was twee honderd en vyftig meter lank.

¹⁷Toe meet hy die noordekant, ook twee honderd en vyftig meter lank,

¹⁸en die suidekant, ook twee honderd en vyftig meter lank.

¹⁹Daarna het hy omgegaan na die westekant toe en daar gemeet, ook twee honderd en vyftig meter.

²⁰Hy het die muur rondom gemeet aan al vier kante. Die lengte was twee honderd en vyftig meter en die breedte twee honderd en vyftig meter. Die muur was die grens tussen die gewyde gebied en die wêreld daarbuite.

Esegiël 43

Die gesig oor die verskyning van die Here

¹Daarna het die man my na die poort toe gebring wat oos gekyk het.

²Daar sien ek toe die magtige verskyning van die God van Israel uit die ooste uit. Die stem van die Here was soos die gedruis van baie waters, en sy magtige verskyning het die hele aarde verlig.

³Die gesig wat ek gesien het, het ooreengekom met die gesig wat ek gesien het toe ek die verwoesting van die stad moes aankondig, en ook met die gesig wat ek aan die Kebarrivier gesien het. Ek het platgeval.

⁴Die magtige teenwoordigheid van die Here het deur die oospoort na die tempel toe beweeg.

⁵Toe het die Gees my opgetel en my na die binneste voorhof toe gebring. Die tempel was vol van die magtige teenwoordigheid van die Here.

⁶Terwyl die man met die meetstok daar langs my staan, hoor ek Iemand met my uit die tempel uit praat.

⁷Hy het vir my gesê: “Mens, dit is die plek waar Ek my troon het, waar Ek vir altyd teenwoordig is tussen die Israeliete. Hulle en hulle konings sal nie weer my heilige Naam oneer aandoen deur afgodery te pleeg en die lyke van hulle konings hier te begrawe nie.

⁸Die konings het hulle paleis se drumpel en deurkosyn teenaan my huis s'n gesit, sodat daar net 'n muur tussen ons was en hulle het my heilige Naam oneer aangedoen met hulle afskuwelike optrede. Daarom het Ek hulle in my toorn vernietig.

⁹As die volk nou hulle afgodery laat staan en die lyke van hulle konings uit my teenwoordigheid wegvat, sal Ek altyd tussen hulle woon.

¹⁰“Mens, jy moet die tempel vir Israel beskrywe, sodat hulle kan skaam kry oor hulle oortredings. Laat hulle die plan van die tempel nagaan,

¹¹en wanneer hulle skaam word oor alles wat hulle gedoen het, moet jy hulle op die hoogte bring van die uitleg van die tempel: sy ontwerp, sy uitgange, sy ingange, sy hele uitleg en al die voorskrifte en reëlins wat vir hom geld. Jy moet dit voor hulle oë neerskryf, sodat hulle die hele uitleg van die tempel en al die voorskrifte wat vir hom geld, in ag kan neem en daarvolgens kan optree.

¹²Die reëling in verband met die tempel is dat die top van die berg en die hele gebied rondom uitsluitend aan My gewy is. Dit, en niks minder nie, is die reëling in verband met die tempel.”

Die altaar in die binneste voorhof

¹³Die afmetings van die altaar, gemeet met die maat wat vir die heiligdom geld, was soos volg: die afleivoor was 'n half meter diep en 'n half meter breed, en sy rand was rondom 'n kwart meter breed. Die hoogte van die altaar was soos volg:

¹⁴van die afleivoor af na die onderste vlak toe was die hoogte een meter. Die vlak was 'n half meter wyer as die volgende; van die onderste na die boonste vlak toe was die hoogte twee meter. Die boonste vlak was 'n half meter wyer as die vuurmaakplek.

¹⁵Die vuurmaakplek was twee meter hoog en het vier horings gehad wat boontoe gewys het.

¹⁶Die vuurmaakplek was vierkantig, ses meter lank en net so breed.

¹⁷Die boonste vlak was ook vierkantig, sewe meter lank en net so breed. Die afleivoor onder het 'n rand van 'n kwart meter breed gehad en was rondom 'n half meter diep. Die trappe teen die altaar op was aan die oostekant.

¹⁸Die man met die meetstok het vir my gesê: “Mens, so sê die Here my God: Die voorskrifte oor die bring van offers op die altaar en die sprinkel van bloed teen hom sal soos volg wees: die dag wanneer hy klaar gebou is,

¹⁹moet jy vir die Levitiese priesters uit die nageslag van Sadok 'n bul gee as 'n sondeoffer; hulle is die priesters wat by die altaar mag kom om die diens aan My te verrig, sê die Here my God;

²⁰dan moet jy van die bul se bloed vat en dit aan die vier horings en aan die vier hoeke van die boonste vlak van die altaar smeer, en ook teen die sykante rondom. So moet jy die altaar reinig en dit geskik maak vir diens aan My;

²¹daarna moet jy die sondeofferbul verbrand op die plek wat naby die tempel maar buitekant die heiligdom daarvoor aangewys is;

²²die dag daarna moet jy 'n bokram sonder liggaamsgebrek as sondeoffer aanbied en moet jy die altaar reinig net soos in die geval van die bul gedoen is;

²³as jy klaar is met die reiniging, moet jy 'n bul en 'n skaapram, albei sonder liggaamsgebrek, as offers aanbied;

²⁴jy moet hulle aanbied in die teenwoordigheid van die Here, en die priesters moet sout op die offervleis gooi en dit as 'n brandoffer vir die Here offer;

²⁵jy moet sewe dae lank elke dag 'n sondeofferbok voorsien, en ook 'n bul en 'n skaapram, almal sonder liggaamsgebrek;

²⁶die altaar moet sewe dae lank voorberei word vir die diens aan My en so gereinig en aan My gewy word;

²⁷eers as dié tyd verby is, van die agste dag af en daarna, mag die priesters julle brandoffers en julle maaltydoffers op die altaar bring en sal julle vir My aanneemlik wees,” sê die Here my God.

Esegiël 44

Die oospoort moet toe bly

¹Toe vat die man my terug na die buitenste oospoort van die heiligdom toe, maar die poort was toe,

²en die Here het vir my gesê: “Hierdie poort moet toe bly, dit moet nie oopgemaak word nie en niemand mag daardeur gaan nie, want Ek, die Here, die God van Israel, het daardeur gekom; die poort moet toe bly.

³Net die regeerder mag in die poortgebou gaan sit om in die teenwoordigheid van die Here te eet, maar die regeerder moet by die toegangsportaal agter die poort inkom en weer daar uitgaan.”

Die reëlins wat geld vir die heiligdom

⁴Die man vat my toe deur die noordpoort tot voor die tempel. Ek het gesien die huis van die Here is vol van sy magtige teenwoordigheid en ek het platgeval.

⁵Die Here het vir my gesê: “Mens, let op, kyk goed en luister goed na alles wat Ek vir jou sê oor al die voorskrifte en al die reëlins wat vir my huis geld. Let op na hoe iemand by die tempel mag inkom en hoe hy die heiligdom moet verlaat.

⁶“Jy moet vir dié weerbarstige volk, vir Israel, sê: So sê die Here my God: Was al julle afskuwelike dade nie genoeg nie, Israel,

⁷dat julle ook nog eerlose en onbesnede uitlanders in my heiligdom ingebring het om my huis te ontwy? Julle het vir My vet en bloed as voedseloffer aangebied en terselfdertyd die verbond met My verbreek deur al julle afskuwelike dade.

⁸Julle het nie die dienswerk in my heiligdom gedoen nie, julle het die uitlanders dit laat doen in julle plek.”

⁹So sê die Here my God: “Geen eerlose, onbesnede uitlander mag in my heiligdom kom nie, nie een van al die uitlanders wat tussen die Israeliete woon nie.

¹⁰“Net die Leviete kon dit doen. Maar die Leviete het van My vervreem geraak toe Israel My verlaat het en hulle hulle afgode gedien het. Die Leviete moet die straf vir hulle sonde dra.

¹¹Hulle mag diens doen in my heiligdom as wagte by die tempelpoorte en as tempelbediendes, hulle mag die diere vir die brandoffer en die ander offers slag vir die volk, en die nodige vir die volk doen,

¹²maar hulle het ook die nodige vir die volk gedoen in die diens van afgode, hulle het Israel in sonde laat verval, en daarom steek Ek my hand teen hulle uit en laat Ek hulle die straf vir hulle sonde dra,” sê die Here my God.

¹³“Hulle mag nie in my teenwoordigheid kom om priesters te wees in my diens nie, hulle mag nie raak aan die dinge wat aan My gewy is of aan die gewyde offergawes nie. Hulle moet die straf dra vir hulle skandelijke afskuwelike optrede.

¹⁴Ek maak hulle die tempelbediendes wat moet sorg vir al die werk aan die tempel, alles wat daar aan die tempel gedoen moet word.

¹⁵“Net die Levitiese priesters uit die geslag van Sadok het die dienswerk in my heiligdom onderhou toe die Israëliete My verlaat het. Hierdie priesters mag in my teenwoordigheid kom en die dienswerk vir My verrig, hulle mag in my diens staan en vir My vet en bloed as offer aanbied,” sê die Here my God.

¹⁶“Hulle mag in my heiligdom kom, hulle mag na my altaar toe kom en My daar dien, die diens tot my eer daar verrig.

¹⁷“Maar wanneer hulle by enige van die poorte van die binneste voorhof kom, moet hulle linneklere aantrek. Hulle mag nie die binneste voorhof en die tempel binnegaan met iets van wol aan hulle nie.

¹⁸Hulle moet linnemusse op die kop hê en hulle moet linnebroeke aanhê. Hulle moet niks aanhê wat hulle laat sweet nie.

¹⁹Wanneer hulle uitgaan na die buitenste voorhof toe, na die volk toe, moet hulle die klere waarin hulle diens gedoen het, uittrek en dit neersit in die

gewyde vertrekke en ander klere aantrek. Dit moet hulle doen sodat hulle nie die volk in gevaar stel met die gewyde klere nie.

²⁰“Priesters mag nie hulle kop kaalskeer nie, maar hulle mag ook nie lang hare hê nie; hulle moet hulle hare netjies sny.

²¹“Geen priester mag wyn drink wanneer hy in die binneste voorhof moet ingaan nie.

²²“Hulle mag ook nie trou met weduwees of geskeide vrouens nie, hulle mag net trou met Israelitiese jongmeisies of met jong weduwees van priesters.

²³“Die priesters moet my volk onderrig oor die onderskeid tussen wat gewyd en wat nie gewyd is nie en hulle leer om te onderskei tussen wat rein en wat onrein is.

²⁴“Waar daar geskille is, moet die priesters as regters optree en uitspraak lewer ooreenkomstig my bepalings. “Hulle moet toesien dat my wil en my voorskrifte op al die feesdae in ag geneem word en dat my sabbatte heilig gehou word.

²⁵“Hulle mag nie onrein word deur naby 'n lyk te kom nie. Net in die geval van ouers of kinders of broers of ongetroude susters mag 'n priester onrein word,

²⁶en dan moet hy ná sy reiniging sewe dae laat verloop

²⁷en op die dag wanneer hy weer in die heiligdom, in die binneste voorhof ingaan om die dienswerk in die heiligdom te doen, moet hy 'n sondeoffer bring,” sê die Here my God.

²⁸“As eiendom ontvang die priesters van wat My toekom. Hulle kry nie 'n besitting tussen die Israeliete nie, want hulle besitting is wat Ek vir hulle gee uit wat Myne is.

²⁹Hulle mag die graanoffer, die sondeoffer en die skuldoffer eet, en hulle kry alles wat in Israel aan My gewy word;

³⁰verder kom aan die priesters toe die beste van al die eerstelingoffers, al die offergawes wat deur die volk gebring word; die Israeliete moet ook die beste

van alles wat hulle bak, vir die priesters gee, dan sal die Here die huis waaruit dit kom, seën.

³¹“Priesters mag nie voëls of diere wat gevrek het of deur roofdiere gevang is, eet nie.”

Esegiël 45

Die verdeling van die land

¹“Wanneer julle die land deur loting verdeel om aan elke stam sy besitting toe te ken, moet julle 'n stuk grond van twaalf en 'n half kilometer lank en tien kilometer breed as 'n offergawe aan die Here gee. Die hele stuk grond sal aan die Here gewy wees.

²Hiervan moet 'n stuk van twee honderd en vyftig meter in die vierkant aan die heiligdom behoort, met 'n oop strook van vyf en twintig meter rondom.

³Van die hele gebied wat afgemete is, moet julle 'n stuk afmeet van twaalf en 'n half kilometer lank en vyf kilometer breed; daarop moet die heiligdom met die Allerheiligste staan.

⁴Hierdie gebied is die gewyde gebied in die land. Dit is tot beskikking van die priesters wat in die heiligdom diens doen en wat by die altaar mag kom om die diens aan die Here te verrig. Daar kan hulle huise kom, en die grond wat aan die heiligdom behoort, val in dié gedeelte.

⁵Die oorblywende gedeelte van twaalf en 'n half kilometer lank en vyf kilometer breed is vir die Leviete wat in die tempel diens doen; dit is hulle eiendom, daar kan hulle woon.

⁶“Vir die stadsgrond moet julle 'n stuk afstaan van twee en 'n half kilometer breed en twaalf en 'n half kilometer lank, net so groot as die gewyde gebied. Hierdie grond moet tot beskikking wees van die hele Israel.

⁷“Die regeerder moet grond kry weerskante van die gewyde gebied en die stadsgrond, wes en oos daarvan; dit moet net so groot wees as een van die stamgebiede en moet strek van die wesgrens van Israel af tot aan die oosgrens.

⁸Dit moet sy deel van die land wees tussen die Israeliete. Die regeerders wat Ek aanwys, sal my volk nie weer te kort doen nie; hulle sal die land verdeel tussen die stamme van Israel.”

Vermaning aan die regeerders

⁹So sê die Here my God: “Julle het nou ver genoeg gegaan, regeerders van Israel. Laat staan die geweld en verdrukking, laat reg geskied en doen reg, hou op om my volk se eiendom vir julle te vat,” sê die Here my God.

¹⁰“Julle moet skale gebruik wat reg weeg en julle moet die regte inhoudsmate vir droë stowwe en vir vloeistowwe gebruik.

¹¹Inhoudsmate moet deurgaans dieselfde bly, volgens 'n vaste maatstaf.

¹²Gewig moet volgens 'n vaste maatstaf bepaal word.”

Offergawes

¹³“Die offergawes wat julle moet bring, is een sestigste van die koring en die gars,

¹⁴en een honderdste van die olie.

¹⁵Uit die waterryke dele van Israel moet julle een uit elke twee honderd van die kleinvee gee. Hierdie offers is graanoffers, brandoffers en maaltydoffers om vir julle versoening mee te doen,” sê die Here my God.

¹⁶“Al die mense in die land moet hierdie offergawes aan die regeerder van Israel lewer.

¹⁷Op die regeerder rus dan die verpligting om die brandoffers, die graanoffers en die drankoffers aan te bied tydens die groot feestye en die nuwemaansfeeste en op die sabbatte, op al die feestye van Israel. Hy moet die sondeoffer, die graanoffer, die brandoffer en die maaltydoffers aanbied om vir Israel versoening mee te doen.”

Feeste en offers

¹⁸So sê die Here my God: “Op die eerste dag van die eerste maand moet jy 'n bul sonder liggaamsgebrek vat en die heiligdom laat reinig:

¹⁹die priester moet van die sondeofferdier se bloed vat en dit aan die kosyne in die tempel smeer en aan die vier hoeke van die boonste vlak van die altaar en aan die kosyne van die poorte na die binneste voorhof toe;

²⁰dit moet hy ook doen op die sewende van die maand ter wille van mense wat onwetend of uit onkunde gesondig het; so moet julle die tempel reinig.

²¹“Op die veertiende van die eerste maand moet julle die paasfees vier, wanneer julle moet begin om sewe dae lank net ongesuurde brood te eet.

²²Op die paasfees moet die regeerder 'n bul as sondeoffer aanbied vir homself en vir die hele volk.

²³Tydens die sewe dae wat die fees duur, moet hy elke dag as brandoffer vir die Here sewe bulle en sewe skaapramme aanbied, almal sonder liggaamsgebrek, en ook nog elke dag 'n bokram as sondeoffer.

²⁴Verder moet hy as graanoffer by elke bul en elke ram sestien kilogram meel aanbied, en vier liter olie by elke sestien kilogram meel.

²⁵“Tydens die fees wat op die vyftiende van die sewende maand begin, moet die regeerder sewe dae lank net soos met die paasfees ook die sondeoffer, die brandoffer, die graanoffer en die olie aanbied.”

Esegiël 46

¹So sê die Here my God: “Die oospoort na die voorhof toe moet op die ses werksdae gesluit bly, maar dit moet oopgemaak word op sabbatdae en op nuwemaansfeeste.

²Dan moet die regeerder van buite af by die toegangsportaal van die poortgebou ingaan en by die poortdeur gaan staan. Die priesters moet dan die regeerder se brandoffer en maaltydoffer offer, en daarna moet hy in aanbidding by die poortdrumpel buig en uitgaan. Die poort moet tot die aand toe oop bly.

³Ook die gewone burgers moet op sabbatte en op nuwemaansfeeste by hierdie poort in aanbidding voor die Here kom buig.

- ⁴“Die brandoffer wat die regeerder op die sabbat vir die Here moet aanbied, moet bestaan uit ses lammers en 'n skaapram, almal sonder liggaamsgebrek.
- ⁵Die graanoffer saam met die ram moet sestien kilogram meel wees en dié saam met die lammers soveel as wat hy wil gee. Daar moet vier liter olie by elke sestien kilogram meel wees.
- ⁶Op die nuwemaansfees moet die offer bestaan uit 'n bul, ses lammers en 'n skaapram, almal sonder liggaamsgebrek,
- ⁷met graanoffers van sestien kilogram saam met die bul en die ram, en dié saam met die lammers soveel as wat die regeerder kan bekostig. Vir elke sestien kilogram meel moet hy ook vier liter olie offer.
- ⁸“Wanneer die regeerder ingaan, moet hy dit doen deur die toegangsportaal van die poort, en hy moet weer daar uitgaan.
- ⁹Maar wanneer die gewone burgers op feesdae in die teenwoordigheid van die Here wil kom, moet dié wat deur die noordpoort inkom om in aanbidding te buig, by die suidpoort uitgaan, en dié wat deur die suidpoort inkom, moet by die noordpoort uitgaan. Niemand mag teruggaan deur die poort waar hy ingekom het nie; almal moet by die ander kant uitgaan.
- ¹⁰Die regeerder moet by hulle wees; wanneer hulle inkom, moet hy inkom en wanneer hulle uitgaan, moet hy uitgaan.
- ¹¹“Op die feesdae en tydens die feestye moet die graanoffer sestien kilogram saam met 'n bul en 'n ram wees en dié saam met die lammers soveel as wat die persoon wil gee. Vir elke sestien kilogram moet daar ook vier liter olie gebring word.
- ¹²“Wanneer die regeerder 'n vrywillige offer wil aanbied, 'n brandoffer of maaltydoffers as vrywillige offer aan die Here, moet die oospoort vir hom oopgemaak word, en dan moet hy die brandoffer of die maaltydoffers aanbied soos hy dit op die sabbatdag moet doen. Daarna moet hy uitgaan en moet die poort weer gesluit word.

¹³“Daar moet elke dag 'n jaaroud ramlam sonder liggaamsgebrek vir die Here as brandoffer gebring word. Dit moet elke môre gedoen word.

¹⁴Elke môre moet daar ook 'n graanoffer van drie kilogram meel gebring word met een en 'n derde liter olie om die meel mee klam te maak. Dit moet 'n vaste instelling wees.

¹⁵Die lam en die graanoffer en die olie moet elke môre gebring word as 'n daaglikse brandoffer.”

Grondbesit

¹⁶So sê die Here my God: “Wanneer die regeerder 'n stuk van sy grond aan een van sy seuns gee, moet dit die seun s'n bly en word dit die familiebesit van die seun se nageslag.

¹⁷Maar wanneer die regeerder 'n stuk van sy grond vir enigiemand in sy diens gee, kan dié persoon dit besit tot in die hersteljaar; dan moet dit terugval na die regeerder toe en weer uitsluitend die familiebesit van sy nageslag word.

¹⁸“Die regeerder mag nie grond van die volk afvat en hulle so uit hulle familiebesit verdring nie. 'n Man se grond moet sy seuns toeval, sodat my volk nie hulle familiebesit ontnem word en verstrooi raak nie.”

Kookplekke

¹⁹Die man met die meetstok bring my toe by die ingang langs die noordpoort, die ingang na die gewyde vertrekke van die priesters toe. Daar was 'n plek agter die gebou, aan die westekant,

²⁰en die man het vir my gesê: “Dit is die plek waar die priesters die vleis moet gaarmaak van die skuldoffer en die sondeoffer en waar hulle die graanoffergeregte moet bak, sodat hulle nie die volk in gevaar stel deur dié gewyde dinge deur die buitenste voorhof te bring nie.”

²¹Daarna bring die man my na die buitenste voorhof toe en vat my by die vier hoeke van die voorhof verby. In elke hoek van die voorhof was daar 'n kleiner voorhof.

²²Dié kleiner voorhowe was elkeen twintig meter lank en vyftien meter breed, en daar het rook by hulle uitgekom.

²³Daar was 'n muur om elkeen en binne teen die muur rondom was daar kookplekke aangebring.

²⁴Die man het vir my gesê: “Dit is die kookplekke waar die tempelbediendes die offervleis van die volk gaarmaak.”

Esegiël 47

Die stroom uit die heiligdom

¹Die man met die meetstok het my teruggebring na die ingang van die tempel toe. Toe sien ek daar kom water onder die tempel se drumpel uit aan die oostekant. Die tempel het oos gekyk. Die water het regs van die tempel weggeflow, suid van die altaar verby.

²Die man vat my toe by die noordpoort uit en om na die buitenste oospoort toe. Daar syfer die water toe regs langs die poort uit.

³Die man het oos gestap en met die maatlyn wat hy by hom gehad het vyf honderd meter afgemeet van die oospoort af. Toe laat hy my deur die water loop. Dit was enkeldiep.

⁴Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit was kniediep. Hy het nog vyf honderd meter afgemeet en my deur die water laat loop. Dit het tot by my heupe gekom.

⁵Toe meet hy nog vyf honderd meter, maar toe was die water 'n stroom waar ek nie kon deur nie. Die water was diep, sodat 'n mens sou moes swem; dit was 'n stroom waar 'n mens nie deur kon loop nie.

⁶Die man sê toe vir my: “Sien jy dit, mens?” Hy laat my toe al langs die stroom terugstap.

⁷Terwyl ek so terugstap, sien ek daar staan groot, hoë bome weerskante op die stroom se wal.

⁸Die man het vir my gesê: “Hierdie water loop weg na die streek oos toe en af na die Jordaanvallei toe waar dit in die Dooie See sal inloop. Wanneer dit in die Dooie See inloop, sal die water van die Dooie See vars word.

⁹Waar die stroom ook kom, sal dit wemel van al die soorte diere en sal daar baie vis wees. Die water loop af na die Dooie See toe en sal die see vars maak. Waar die stroom kom, sal alles lewe.

¹⁰Daar sal vissers langs die Dooie See staan van En-Gedi af tot by En-Eglajim. Dit sal 'n plek wees waar hulle nette droogmaak. Daar sal net soveel soorte vis wees as in die Groot See, en net so baie.

¹¹Net die water in die moerasse en kuile langs die Dooie See sal nie vars word nie. Hulle moet sout bly.

¹²Weerskante op die wal van die stroom sal allerlei vrugtebome groei. Hulle blare sal nie verlep nie en hulle vrugte sal nie opraak nie. Hulle sal elke maand dra, want die stroom se water kom uit die heiligdom. Die vrugte sal daar wees om te eet en die blare om genesing te bring.”

Grense van die land

¹³So sê die Here my God: “Die volgende is die grense van die gebied wat julle as besitting moet toeken aan die twaalf stamme. Aan Josef moet twee dele gegee word,

¹⁴maar aan die ander moet julle een deel elk toeken. Ek het met 'n eed beloof dat Ek die land aan julle voorvaders sal gee, daarom kom dit julle toe as besitting.

¹⁵“Die grense van die land is soos volg: Aan die noordekant van die Groot See af oor Getlon tot by Sedad,

¹⁶verder Hamat, Berota, Sibrajim tussen die gebiede van Damaskus en Hamat, en Middel-Gaser op die grens van Gauran.

¹⁷Die grens loop dus van die see af tot by Gasar-Enan, met die gebiede van Damaskus en Hamat noord daarvan. Dit is die noordgrens.

¹⁸“Aan die oostekant is die grens van tussen Gauran en Damaskus af, tussen Gilead en Israel met die Jordaan langs, en dan moet julle die grens aan die oostekant van die Dooie See trek. Dit is die oosgrens.

¹⁹“Aan die suidekant loop die grens eers suid van Tamar af tot by die waters van Meriba-Kades, dan met die spruit langs tot teen die Groot See. Dit is die suidgrens.

²⁰“Aan die westekant is die grens die Groot See, van die suidgrens af tot regoor Lebo-Hamat. Dit is die wesgrens.

²¹“Dit is die land wat julle tussen julle moet verdeel volgens al die stamme van Israel.

²²Julle moet die land verdeel deur loting vir julleself en vir die vreemdelinge wat al 'n geslag lank tussen julle woon. Julle moet sulke vreemdelinge as medeburgers tussen julle beskou. Hulle moet saam met julle besittings ontvang onder die stamme van Israel.

²³Julle moet die vreemdelinge hulle besittings gee by die stamme waar hulle woon,” sê die Here my God.

Esegiël 48

Verdeling van die land

¹“Van die noordekant af, langs die lyn Getlon, Lebo-Hamat, Gasar-Enan tot waar die noordgrens van Damaskus teen Hamat raak, kry die volgende stamme hulle dele; elkeen kry 'n strook van die oosgrens af tot teen die Groot See: Dan,

²Aser,

³Naftali,

⁴Manasse,

⁵Efraim,

⁶Ruben en

⁷Juda.

⁸“Teen die gebied van Juda, van oos na wes, moet die gebied lê wat julle as offergawe afstaan, twaalf en 'n half kilometer breed en net so lank as een van die ander stroke, van die oostelike tot by die westelike grens. Die heiligdom moet in hierdie gebied wees.

⁹Die een gebied wat julle as offergawe aan die Here afstaan, moet twaalf en 'n half kilometer lank en vyf kilometer breed wees.

¹⁰Dié gebied moet 'n gewyde offergawe wees wat tot die beskikking van die priesters is, en moet 'n strook wees van twaalf en 'n half kilometer lank van oos na wes en vyf kilometer breed van noord na suid. Die heiligdom van die Here moet in dié gebied wees.

¹¹Die gebied is tot die beskikking van die gewyde priesters, die nageslag van Sadok. Hulle het my dienswerk getrou gedoen en nie afgedwaal soos die Israeliete nie, soos die Leviete gedoen het.

¹²Die gebied moet 'n offergawe wees, wat tot beskikking van die priesters is, 'n deel van die gebied wat as offergawe afgestaan word, 'n gewyde gebied langs dié van die Leviete.

¹³“Die Leviete moet 'n gebied kry langs dié van die priesters, twaalf en 'n half kilometer lank en vyf kilometer breed.

¹⁴Hulle mag nie daarvan verkoop nie. Hierdie deel van die land, die beste deel, mag nie verkoop of verruil word en in ander hande oorgaan nie, want dit is aan die Here gewy.

¹⁵“Die strook van twaalf en 'n half by twee en 'n half kilometer wat oorbly, is bedoel as gewone stadsgebied, as woon- en weigebied. Die stad moet in dié gebied wees.

¹⁶Die stad moet twee en 'n kwart kilometer in die vierkant wees.

¹⁷Aan al vier kante moet daar 'n onbeboude strook van honderd vyf en twintig meter wees.

¹⁸Die vyf kilometer wat oos en die vyf wat wes van die stad oor is langs die gebied wat as 'n gewyde offergawe afgestaan is, moet bewerk word vir die onderhoud van die mense wat in die stad werk.

¹⁹Enigiemand wat in die stad werk, mag die grond bewerk, ongeag die stam van Israel waaruit hy kom.

²⁰“Die hele gebied wat afgesonder moet word, sal dus twaalf en 'n half kilometer in die vierkant wees. Julle moet dit as 'n gewyde offergawe afstaan. Die stadsgebied is daarby ingesluit.

²¹⁻²²“Die grond wat oorbly aan die oostekant en aan die westekant van die gewyde gebied waar die tempel en die stadsgebied en die gebied van die Leviëte moet wees, is tot beskikking van die regeerder. Dit loop tot by die oosgrens van die land en weswaarts tot by die see en lê tussen die gebied van Juda en dié van Benjamin.

²³“Die stamme wat oorbly en wat elkeen ook 'n strook van die oosgrens af tot teen die wesgrens moet kry, is Benjamin,

²⁴Simeon,

²⁵Issaskar,

²⁶Sebulon en

²⁷Gad.

²⁸Suid van Gad se gebied loop die grens van Tamar af oor die waters van Meriba-Kades met die spruit langs tot aan die Groot See.

²⁹“Dit is die land wat julle deur loting as besitting moet verdeel tussen die Israelitiese stamme en dit is die dele wat elkeen moet kry,” sê die Here my God.

Die poorte van die stad

³⁰“Die uitgange uit die stad uit moet soos volg wees: die noordelike stadsgrens moet twee en 'n kwart kilometer lank wees

³¹met drie poorte, genoem na stamme van Israel: Ruben, Juda en Levi.

³²Die ander stadsgrense moet elkeen ook twee en 'n kwart kilometer lank wees, elk met drie poorte, aan die oostekant Josef, Benjamin en Dan,

³³aan die suidekant Simeon, Issaskar en Sebulon,

³⁴en aan die westekant Gad, Aser en Naftali.

³⁵“Die omtrek van die stad moet nege kilometer wees, en sy naam moet van vandag af wees: Die Here is daar.”

Daniël

Daniël 1

Daniël en sy vriende in die paleis van Nebukadnesar

¹In die derde regeringsjaar van koning Jojakim van Juda het koning Nebukadnesar van Babel teen Jerusalem opgetrek en dit beleër.

²Die Here het vir koning Jojakim oorgegee in Nebukadnesar se mag, en ook 'n gedeelte van die tempelgereedskap, en hy het dit na Sinar, na die tempel van sy god toe gevat, en daar het hy dit in die voorraadkamer van die tempel van sy god gebêre.

³Die koning het vir Aspenas, sy hoofpaleisbeampte, beveel om uit die Israeliete jongmanne na die paleis toe te bring, uit die koninklike geslag en uit die geslag van vername mense.

⁴Die jongmanne moes sonder liggaamsgebrek wees, mooi, toegerus met kennis, verstandig, bekwaam en in staat om in die paleis diens te doen. Hulle moes onderrig word in die Galdeërs se skrif en taal.

⁵Die koning het bepaal dat hulle 'n daaglikse porsie van sy kos en wyn moet ontvang en dat hulle drie jaar lank opgelei moet word. Daarna moet hulle in diens van die koning tree.

⁶Onder hierdie Judeërs was daar Daniël, Gananja, Misael en Asarja,

⁷maar die hoofpaleisbeampte het vir hulle ander name gegee: Daniël is Beltsasar genoem, Gananja Sadrag, Misael Mesag en Asarja Abednego.

⁸Daniël het hom voorgeneem om hom nie met die koning se kos en wyn te verontreinig nie en hy het die hoofpaleisbeampte vergunning gevra om dit nie te gebruik nie.

⁹God het die hoofpaleisbeampte gunstig en simpatiek gestem teenoor Daniël.

¹⁰Maar hy het vir Daniël gesê: “Ek is bang vir die koning. Hy het bepaal wat julle moet eet en drink en as hy sien julle voorkoms is nie so goed soos dié van

die ander jongmanne van julle ouderdom nie, is ek oor julle in die moeilikheid by hom.”

¹¹Toe sê Daniël vir die amptenaar wat deur die hoofpaleisbeampte aangestel is om toesig te hou oor Daniël, Gananja, Misael en Asarja:

¹²“Maak asseblief tien dae lank 'n proefneming met ons en laat hulle vir ons net groente gee om te eet en water om te drink.

¹³Vergelyk dan ons voorkoms met dié van die jongmanne wat van die koning se kos eet, en handel dan met ons na bevind van sake.”

¹⁴Die amptenaar het toe hulle versoek toegestaan en tien dae lank 'n proefneming met hulle gemaak.

¹⁵Ná tien dae het hulle mooier en gesonder daar uitgesien as die jongmanne wat van die koning se kos geëet het.

¹⁶Toe het die amptenaar die koning se kos en wyn vir goed van hulle af weggehou en vir hulle net groente gegee.

¹⁷God het aan hierdie vier jongmanne verstand gegee en insig in alles wat geskryf is, en ook wysheid. Daniël kon enige gesig of droom uitlê.

¹⁸Op die tyd wat koning Nebukadnesar bepaal het dat die jongmanne voor hom gebring word, het die hoofpaleisbeampte dit gedoen.

¹⁹Die koning het met hulle gepraat en hy het onder almal niemand gevind soos Daniël, Gananja, Misael en Asarja nie. Toe het hulle in diens van die koning getree.

²⁰In enige saak wat wysheid en insig vereis het en waaroor die koning hulle uitgevra het, was hulle tien maal beter as al die towenaars en voorspellers in sy hele koninkryk.

²¹Daniël het in diens van die paleis gebly tot die eerste regeringsjaar van koning Kores.

Daniël 2

Daniël verklaar die droom van Nebukadnesar

¹In die tweede regeringsjaar van koning Nebukadnesar het hy 'n droom gehad wat hom so ontstel het dat hy nie kon slaap nie.

²Toe het hy die towenaars, die voorspellers, die goëlaars en die sterrekykers laat roep om sy droom vir hom uit te lê. Hulle het toe voor die koning kom staan

³en hy het vir hulle gesê: “Ek is ontsteld oor 'n droom wat ek gehad het en ek wil weet wat die droom beteken.”

⁴Die sterrekykers het die koning in Aramees geantwoord: “Mag die koning baie lank lewe! Vertel ons die droom, dan sal ons dit vir u uitlê.”

⁵Die koning sê toe vir die sterrekykers: “Ek het klaar besluit: as julle my nie die droom en sy uitleg kan gee nie, sal julle aan stukke gekap word en sal van julle huise puinhoop gemaak word.

⁶Maar as julle die droom en sy uitleg gee, sal julle baie geskenke en groot eer van my ontvang. Gee my dus die droom en sy uitleg.”

⁷Hulle sê toe weer vir die koning: “U Majesteit moet die droom vir ons vertel, dan sal ons dit uitlê.”

⁸Toe sê die koning: “Ek weet goed julle wil net tyd wen omdat julle sien ek het klaar besluit

⁹dat as julle die droom nie uitlê nie, daar vir julle net een straf voorlê! Daarom het julle afgespreek om vir my 'n klomp leuens te vertel totdat die omstandighede mag verander. Vertel vir my die droom dat ek kan weet of julle sy uitleg kan gee.”

¹⁰Die sterrekykers het die koning geantwoord: “Daar is geen mens op aarde wat aan u eis kan voldoen nie. Geen koning, hoe groot of magtig hy ook mag wees, het dan ook al so iets van enige towenaar, voorspeller of sterrekyker verwag nie.

¹¹Wat u vra, is te moeilik, daar is niemand wat dit vir u kan doen nie, behalwe die gode, en hulle woon nie onder die mense nie.”

¹²Toe het die koning woedend geword en opdrag gegee om al die koninklike raadgewers van Babel om die lewe te bring.

¹³Daar is toe 'n proklamasie uitgevaardig dat die koninklike raadgewers doodgemaak moet word. Ook Daniël en sy vriende is gesoek om doodgemaak te word.

¹⁴Daniël het toe versigtig navraag gedoen by Arjok, die hoof van die koning se lyfwag, wat op pad was om die koninklike raadgewers dood te maak.

¹⁵Hy het vir Arjok, die offisier van die koning, gevra waarom die proklamasie van die koning so genadeloos is, en Arjok het dit vir hom verduidelik.

¹⁶Daniël het na die koning toe gegaan en uitstel gevra om die uitleg aan die koning te kan gee.

¹⁷Daarna is Daniël huis toe en het hy vir sy vriende Gananja, Misael en Asarja vertel wat aan die gang is

¹⁸en hulle gevra om die God van die hemel om genade te smee oor die geheim van die droom sodat Daniël en sy vriende nie saam met die ander koninklike raadgewers doodgemaak sou word nie.

¹⁹Toe is die geheim aan Daniël geopenbaar in 'n nagtelike visioen, en Daniël het die God van die hemel geprys.

²⁰Daniël het gesê: “Mag die Naam van God altyd geprys word, Hy aan wie die wysheid en die mag behoort,

²¹Hy wat tye en omstandighede verander, wat konings afsit en konings aanstel, wat aan die wyse manne die wysheid gee en die verstand aan dié wat insig het,

²²wat ondeurgrondelike en verborge dinge openbaar en wat weet wat in die duisternis is; by Hom is die lig.

²³Ek loof en prys U, God van my voorvaders, omdat U aan my wysheid en mag gegee het. U het aan my bekend gemaak wat ons van U gevra het, U het aan ons bekend gemaak wat om aan die koning te sê.”

²⁴Toe is Daniël na Arjok toe vir wie die koning beveel het om die koninklike raadgewers dood te maak, en hy het vir hom gesê: “Moenie die koninklike raadgewers doodmaak nie. Vat my na die koning toe, en ek sal sy droom vir hom uitlê.”

²⁵Arjok het toe dadelik vir Daniël na die koning toe gevat en gesê: “Ek het iemand onder die Judese ballinge gekry wat die droom vir die koning kan uitlê.”

²⁶Die koning het toe vir Daniël, wat Beltsasar genoem is, gevra: “Kan jy vir my sê wat die droom is wat ek gehad het en wat sy uitleg is? ”

²⁷Daniël het die koning geantwoord: “Die raadgewers, die voorspellers, die towenaars en die sterrekykers is nie in staat om die droom waaroor u navraag doen, vir u te vertel nie.

²⁸Maar daar is 'n God in die hemel wat geheime kan openbaar en wat aan u, koning Nebukadnesar, wil bekend maak wat in die toekoms gaan gebeur. In u slaap het u 'n droom, 'n visioen gehad.

²⁹Toe u gaan slaap het, het u gedink oor wat in die toekoms sal gebeur, en Hy wat geheime kan openbaar, het aan u bekend gemaak wat gaan gebeur.

³⁰Dit is nie omdat ek meer wysheid het as ander mense dat hierdie geheim aan my geopenbaar is nie, maar omdat die uitleg aan u bekend moet word sodat u 'n antwoord kan kry op die vrae waaroor u gedink het.

³¹“U het 'n visioen gehad. Daar was 'n groot beeld. Dit was hoog en het baie geblink. Dit het voor u gestaan, iets skrikwekkends.

³²Die beeld se kop was van suiwer goud, sy bors en sy arms van silwer, sy maag en sy heupe van brons.

³³Sy bene was van yster en sy voete deels van yster en deels van klei.

³⁴Toe u nog so kyk, breek daar 'n klip los sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit tref die beeld teen die voete van yster en klei en verpletter dit.

³⁵Die yster, die klei, die brons, die silwer en die goud is alles fyn gestamp en het geword soos kaf op die dorsvloere wat in die oestyd deur die wind weggewaai word, sodat geen spoor daarvan oorbly nie. Die klip waardeur die beeld getref is, het 'n groot rots geword en het die hele aarde bedek.

³⁶Dit is die droom, en nou sal ek dit vir u uitlê.

³⁷“U is die groot koning; die God van die hemel het aan u die heerskappy, die krag en die mag en die eer gegee.

³⁸Hy het die hele bewoonde wêreld, die mense, die wilde diere en die voëls in u mag gegee en u die heerser oor hulle almal gemaak. U is die kop van goud.

³⁹Ná u sal 'n ander koninkryk na vore kom wat nie so belangrik as dié van u sal wees nie, en daarna 'n derde, die een van brons wat oor die hele wêreld heerskappy sal voer.

⁴⁰Die vierde koninkryk sal so sterk wees soos yster. Yster vergruis alles en stamp dit fyn. Soos yster wat alles vergruis, so sal dié koninkryk die ander fyn stamp en vergruis.

⁴¹Die voete en tone, deels klei en deels yster, wat u gesien het, wys op 'n koninkryk wat verdeeld sal wees. Dit sal iets van die sterkte van yster hê, want soos u gesien het, is daar yster tussen die klei.

⁴²Die tone en voete, deels van yster en deels van klei, wys dat die koninkryk deels sterk, deels swak sal wees.

⁴³Dat u gesien het dat die yster met klei gemeng is: daar sal ondertrouery tussen die mense wees, maar hulle sal nie 'n eenheid word nie, net soos yster nie met klei meng nie.

⁴⁴In die tyd van daardie konings sal die God van die hemel 'n koninkryk oprig wat nooit vernietig sal word nie. Hierdie koninkryk sal nie deur 'n ander vervang word nie. Dit sal die ander koninkryk plat trap en vernietig, maar self sal dit vir altyd bestaan.

⁴⁵En dat u 'n klip uit 'n rots sien losbreek het sonder dat 'n hand daaraan geraak het en dit die yster, die brons, die klei, die silwer en die goud verpletter het: God wat magtig is, het aan u bekend gemaak wat in die toekoms gaan gebeur. Die droom is waar en oor die uitleg is daar geen twyfel nie.”

⁴⁶Toe het koning Nebukadnesar diep voor Daniël gebuig, aan hom eer betoon en opdrag gegee dat daar 'n graanoffer en 'n wierookoffer aan hom geoffer moet word.

⁴⁷Die koning het vir Daniël gesê: “Werklik, julle God is die grootste van al die gode, Hy heers oor die konings en Hy openbaar geheime, want jy kon hierdie geheim bekend maak.”

⁴⁸Die koning het hoë eer aan Daniël betoon, vir hom baie en groot geskenke gegee en hom aangestel as goewerneur van die hele provinsie Babel en as hoof van al die koninklike raadgewers.

⁴⁹Op versoek van Daniël het die koning vir Sadrag, Mesag en Abednego in beheer geplaas van die administrasie van die provinsie Babel. Maar Daniël self het in die paleis gebly.

Daniël 3

Daniël se drie vriende uit die brandende oond gered

¹Koning Nebukadnesar het 'n goue beeld laat maak, dertig meter hoog en drie meter breed, en dit laat oprig in die Duradal in die provinsie Babel.

²Toe het hy opdrag gegee dat al sy amptenare, die goewerneys-generaal, die goewerneys, die administrateurs, die raadgewers, die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die hoofamptenare van die provinsie, bymekaar moes kom vir die wyding van die beeld wat die koning laat oprig het.

³So het al die hoë amptenare, die goewerneys-generaal, die goewerneys, die administrateurs, die raadgewers, die tesourieamptenare, die regters, die landdroste, al die hoofamptenare van die provinsie, bymekaargekom vir die wyding van die beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het en hulle het voor die beeld gaan staan.

⁴'n Aankondiger het hard geroep: “Alle volke, nasies en taalgroepe, julle word beveel:

⁵Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid.

⁶Wie nie buig en die beeld aanbid nie, sal onmiddellik in 'n brandende oond gegooi word.”

⁷Daarom het al die volke, nasies en taalgroepe, sodra hulle die geluid van trompet, fluit, siter, lier, harp of enige ander musiekinstrument hoor, voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, gebuig en dit aanbid.

⁸Dit was toe dat sekere Galdeërs die Jode gaan verkla het.

⁹Hulle het vir koning Nebukadnesar gesê: “Mag die koning baie lank lewe!

¹⁰U het 'n bevel uitgevaardig dat enigiemand wat die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument, voor die goue beeld moet buig en dit moet aanbid.

¹¹Wie nie buig en die beeld aanbid nie, moet in 'n brandende oond gegooi word.

¹²Maar, U Majesteit, nou is daar Jode, Sadrag, Mesag en Abednego, vir wie u in beheer van die administrasie van die provinsie Babel geplaas het, wat hulle nie steur aan u bevel nie. Hulle dien nie u god nie, hulle aanbid nie die goue beeld wat u laat oprig het nie.”

¹³Toe het Nebukadnesar woedend geword en vir Sadrag, Mesag en Abednego laat kom. Dié manne is voor die koning gebring,

¹⁴en Nebukadnesar het vir hulle gesê: “Is dit waar, Sadrag, Mesag en Abednego, dat julle my god nie dien nie, die goue beeld wat ek laat oprig het, nie aanbid nie?

¹⁵Nou kyk, dit sal in orde wees as julle bereid is om te buig en die beeld te aanbid sodra julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, 'n ander blaas- of musiekinstrument. Maar as julle hom nie aanbid nie, sal julle dadelik

in 'n brandende oond gegooi word, en watter god sal julle uit my mag kan red?
”

¹⁶Sadrag, Mesag en Abednego het koning Nebukadnesar geantwoord: “Ons hoef u nie hierop te antwoord nie.

¹⁷Ons het ons God vir wie ons dien. Hy het die mag om ons te red uit die brandende oond, en Hy sal ons ook red uit u mag.

¹⁸Selfs as Hy dit nie doen nie, moet u weet dat ons u god nie sal dien nie, die goue beeld wat u laat oprig het, nie sal aanbid nie.”

¹⁹Toe het Nebukadnesar wit geword van woede vir Sadrag, Mesag en Abednego en opdrag gegee dat die oond sewe maal warmer gemaak moet word as gewoonlik.

²⁰Daarna het hy van die sterkste manne in sy lyfwag beveel om vir Sadrag, Mesag en Abednego vas te bind en hulle in die brandende oond te gooi.

²¹Hulle is toe vasgebind en sommer met hulle hemde, broeke en kopdoeke, met al hulle klere, in die brandende oond gegooi.

²²Omdat die koning se opdrag so streng was, was die oond so verskriklik warm dat die manne wat vir Sadrag, Mesag en Abednego moes ingooi, deur die vlamme doodgebrand is.

²³Maar die drie manne, Sadrag, Mesag en Abednego, het vasgebind binne-in die brandende oond geval.

²⁴Toe het koning Nebukadnesar verskrik opgespring en vir sy raadgewers gevra: “Het ons dan nie drie manne vasgebind in die oond gegooi nie? ” En hulle sê vir hom: “Dit is so, U Majesteit! ”

²⁵Hy sê toe: “Maar ek sien dan vier manne wat vry en ongedeerd rondbeweeg in die vuur, en die vierde lyk soos 'n hemelwese! ”

²⁶Toe het Nebukadnesar na die bek van die brandende oond toe gekom en geroep: “Sadrag, Mesag en Abednego, dienaars van die allerhoogste God, kom uit hierheen! ” En Sadrag, Mesag en Abednego het uit die oond uitgekome.

²⁷Toe die goewerneys-generaal, die goewerneys, die administrateurs en die raadgewers van die koning nader kom, sien hulle aan die manne dat die vuur niks aan hulle liggame kon doen nie, dat hulle hare op hulle koppe nie eens geskroei was nie en dat hulle klere niks makeer nie; jy kon nie eens ruik dat hulle in die vuur was nie.

²⁸Toe sê Nebukadnesar: “Aan die God van Sadrag, Mesag en Abednego kom die eer toe, Hy wat sy engel gestuur het en sy dienaars gered het. Hulle het op hulle God vertrou en het die koninklike bevel verontagsaam en hulle was bereid om hulle lewe te verloor eerder as om enige god behalwe hulle God te dien of te aanbid.

²⁹Daarom vaardig ek 'n bevel uit dat enige persoon, van watter volk, nasie of taalgroep hy ook is, wat met minagting praat oor die God van Sadrag, Mesag en Abednego, in stukke gekap moet word en dat sy huis 'n puinhoop gemaak moet word. Daar is immers geen ander god wat in staat is om so te red nie.”

³⁰Die koning het toe gesorg dat dit voorspoedig gaan met Sadrag, Mesag en Abednego in die provinsie Babel.

Daniël 4

Die belydenis van Nebukadnesar

¹“Koning Nebukadnesar aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld woon: Voorspoed!

²“Ek betuig met blydskap dat ek die tekens en wonders wat die allerhoogste God gedoen het, kon belewe.

³“Hoe groot is sy tekens, hoe magtig sy wonders! Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, sy heerskappy duur van geslag tot geslag.

⁴“Ek, Nebukadnesar, het rustig en voorspoedig in my paleis gewoon,

⁵maar toe het ek 'n droom gehad wat my ontstel het, visioene in my slaap, wat deur my kop gemaak en my laat bang word het.

⁶Daarom het ek 'n bevel uitgevaardig dat al die koninklike raadgewers voor my gebring moes word om vir my die droom uit te lê.

⁷Toe het die towenaars, die voorspellers, die sterrekykers en die besweerdere gekom, en ek het hulle die droom vertel, maar hulle kon dit nie vir my uitlê nie.

⁸Uiteindelik het Daniël, genoem Beltsasar na die naam van my god en in wie die gees van die heilige gode is, ingekom en ek het hom die droom vertel.

⁹“Ek het vir hom gesê: Beltsasar, hoof van die towenaars, ek weet dat die gees van die heilige gode in jou is en dat geen geheim vir jou onverklaarbaar is nie. Hier is nou my droom, lê dit vir my uit.

¹⁰“Ek het hierdie visioen in my slaap gehad: “Toe ek kyk, sien ek 'n boom in die middel van die aarde, en dit was baie hoog.

¹¹Die boom het so groot en sterk geword dat sy top aan die hemel geraak het, en dit was oral op die aarde sigbaar.

¹²Sy blare was mooi en sy vrugte was groot, daar was genoeg kos aan hom vir die hele wêreld. Onder hom het die wilde diere skaduwee gesoek, en in sy takke het die voëls nes gemaak. Alles wat leef, het van hom hulle kos gekry.

¹³“Toe ek nog so kyk, terwyl ek in my slaap die visioen sien, kom daar 'n wag, 'n engel, uit die hemel uit af.

¹⁴Hy het hard geroep: “ ‘Kap af die boom, kap af sy takke, stroop af sy blare en gooi weg sy vrugte. Die wilde diere moet onder hom uit wegvlug en die voëls uit sy takke uit.

¹⁵Maar bind 'n yster- en 'n bronsband om sy stomp en laat dit in die grond bly saam met die gras in die veld. Nebukadnesar moet snags deur die dou natgemaak word en van plante leef saam met die wilde diere.

¹⁶Sy verstand moet anders word as dié van 'n mens, hy moet die verstand van 'n dier kry. Dit moet sewe tydperke lank oor hom kom.

¹⁷“ ‘Hierdie aankondiging berus op 'n besluit van dié wat wag hou, die engele, en hulle maak hierdie beslissings bekend. So sal alle mense weet dat die

Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dat Hy dit gee aan wie Hy wil; Hy stel selfs die onbelangrikste mens daaroor aan.’

¹⁸“Dit is die droom wat ek, koning Nebukadnesar, gehad het. Lê dit nou vir my uit, Beltsasar, want geen raadgewer in my koninkryk is in staat om dit vir my uit te lê nie. Jy is daartoe in staat, want die gees van die heilige gode is in jou.”

¹⁹Toe het Daniël, ook genoem Beltsasar, 'n oomblik verstom gestaan, verbyster deur sy gedagtes. Die koning het vir hom gesê: “Moenie dat die droom en sy uitleg jou ontstel nie, Beltsasar.” Beltsasar het geantwoord: “U Majesteit, het die droom maar eerder op u vyande geslaan, die uitleg op u teëstanders!

²⁰Die boom wat u gesien het, wat so groot en sterk geword het dat sy top aan die hemel geraak het, en wat oral op die aarde sigbaar was,

²¹waarvan die blare mooi en die vrugte groot was en waaraan daar genoeg kos was vir die hele wêreld, waaronder die wilde diere gebly en in wie se takke die voëls nes gemaak het,

²²die boom is u, U Majesteit. U het groot en sterk geword, u grootheid raak selfs aan die hemel, u mag strek oor die hele aarde.

²³U Majesteit het 'n wag, 'n engel, uit die hemel uit sien afkom, en hy het gesê: ‘Kap af die boom en verwoes dit, maar bind 'n yster- en 'n bronsband om sy stomp en laat dit in die grond bly saam met die gras in die veld. Nebukadnesar moet snags deur die dou natgemaak word en van plante leef saam met die wilde diere. Dit moet sewe tydperke lank oor hom kom.’

²⁴“Dit is die uitleg, U Majesteit, dit is die besluit van die Allerhoogste oor u:

²⁵U sal uit die menslike samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet leef. U sal moet gras eet soos beeste en u sal snags deur die dou natgemaak word. Dit sal sewe tydperke lank oor u kom. Dan sal u moet erken dat die Allerhoogste mag het oor al die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.

²⁶Die bevel dat die boom se stomp in die grond moet bly, beteken dat u koningskap herstel sal word sodra u erken dat die Hemel regeer.

²⁷Daarom, U Majesteit, luister na my raad: breek met u sonde en u ongeregtigheid, doen wat reg is en bewys barmhartigheid teenoor dié wat in nood is. Dan sal u voorspoed aanhou.”

²⁸Maar alles het oor koning Nebukadnesar gekom.

²⁹Na twaalf maande, terwyl hy op die dak van die paleis geloop het,

³⁰het hy gesê: “Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek daarvan 'n koningstad gemaak, tot my eer en roem.”

³¹Sy woorde was nog nie koud nie toe kom daar 'n stem uit die hemel: “Daar is besluit, koning Nebukadnesar, dat jy uit jou koningskap onthef gaan word.

³²Jy sal uit die menslike samelewing uitgestoot word en saam met die wilde diere moet leef en gras moet eet soos beeste. Dit sal sewe tydperke lank oor jou kom. Dan sal jy moet erken dat die Allerhoogste mag het oor die koninkryke op aarde en dit gee aan wie Hy wil.”

³³Op dieselfde oomblik het oor Nebukadnesar gekom wat oor hom gesê is. Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en moes gras eet soos beeste. Hy is snags deur die dou van die hemel natgemaak, en sy hare het so lank geword soos die vere van 'n arend en sy naels soos dié van 'n voël.

³⁴“Toe die vasgestelde tyd verby was, het ek, Nebukadnesar, na die hemel opgekyk om hulp en het ek my verstand teruggekry. Ek het die Allerhoogste geprys, ek het Hom wat ewig leef, geloof en geëer. Aan sy heerskappy is daar geen einde nie, sy koninkryk bestaan oor al die geslagte heen.

³⁵Teenoor Hom is al die bewoners van die aarde soos niks; Hy doen soos Hy besluit met die hemelse magte en met die mense op aarde. Daar is niemand wat Hom daarvan kan weerhou en vir Hom kan sê: ‘Wat doen U? ’ nie.

³⁶“Ek het in dié tyd my verstand teruggekry, en my koninklike waardigheid, my eer en majesteit is aan my teruggegee. My raadgewers en hoofamptenare het my opgesoek, my koningskap is herstel en ek het selfs meer mag gekry as tevore.

³⁷Ek, Nebukadnesar, prys en eer en loof die Koning van die hemel. Alles wat Hy doen, is reg, sy optrede is regverdig. Hy het die mag om hoogmoediges te verneder.”

Daniël 5

Die skrif aan die muur by die ete van koning Belsasar

¹Koning Belsasar het 'n groot ete gegee vir sy duisend hoofamptenare en saam met hulle wyn gedrink.

²Toe hy onder die invloed van die wyn was, het hy die goue en die silwerbekers wat deur sy voorganger Nebukadnesar uit die tempel van Jerusalem weggevoer is, laat haal sodat hy en sy hoofamptenare, sy vrouens en sy byvrouens daaruit kon drink.

³Toe is die goue en die silwerbekers gebring wat weggevoer is uit die tempel van God in Jerusalem, en die koning en sy hoofamptenare, sy vrouens en sy byvrouens het daaruit gedrink.

⁴Hulle het wyn gedrink en die gode van goud, silwer, brons, yster, hout en klip geprys.

⁵Meteens verskyn daar toe 'n mensehand wat op die gepleisterde muur van die paleis skryf, reg teenoor die kandelaar. Die koning het die hand gesien terwyl dit skryf.

⁶Toe het die koning bleek geword, hy was baie bang, sy bene het gebewe en hy was lam van die skrik.

⁷Hy het hard geroep dat die voorspellers, die sterrekykers en die besweerdere ingebring moes word en hy sê toe vir hulle, sy raadgewers: “Enigiemand wat kan lees wat hier geskrywe is en dit vir my kan uitleê, sal 'n koninklike kleed aangetrek word en 'n goue halsketting omgehang word, en hy sal as derde in rang regeer.”

⁸Al die koninklike raadgewers het ingekom, maar hulle was nie in staat om wat geskryf is, te lees en dit vir die koning uit te lê nie.

⁹Toe het koning Belsasar nog banger en bleker geword. Ook sy hoofamptenare het verslae gestaan.

¹⁰Onderwyl die koning en sy hoofamptenare aan die praat was, het die koningin die eetsaal binnegekom. “Mag die koning baie lank lewe!” het sy gesê. “U moenie so bang en bleek wees nie.

¹¹Daar is 'n man in u koninkryk in wie die gees van die heilige gode is. In die dae van u voorganger is daar gevind dat hy skrandtheid, insig en wysheid het soos dié van die gode. U voorganger, koning Nebukadnesar self, het hom aangestel as hoof van die towenaars, die voorspellers, die sterrekykers en die besweerders.

¹²Hierdie man Daniël vir wie die koning die naam Beltsasar gegee het, het buitengewone bekwaamheid en kennis en insig om drome uit te lê, probleme op te los en moeilike dinge te ontrafel. Laat haal nou vir Daniël, en hy sal vir u die uitleg gee.”

¹³Daniël is toe na die koning toe gebring, en die koning het vir hom gevra: “Is jy die Daniël uit die Judese ballinge wat deur my voorganger die koning hierheen gebring is uit Juda?

¹⁴Ek het gehoor dat die gees van die gode in jou is en dat jy oor skrandtheid, insig en buitengewone wysheid beskik.

¹⁵Die raadgewers, die voorspellers, is na my toe gebring sodat hulle kan lees wat geskryf is, en dit vir my kan uitleê, maar hulle is nie in staat om 'n uitleg te gee nie.

¹⁶“Ek het gehoor jy kan dinge uitleê en probleme ontrafel. As jy dan nou vir my kan lees wat geskryf is, en dit kan uitleê, sal daar vir jou 'n koninklike kleed aangetrek word en 'n goue halsketting omgehang word, en sal jy as derde in rang regeer.”

¹⁷Toe het Daniël die koning geantwoord: “Hou gerus maar u geskenke en gee u beloning maar aan iemand anders. Ek sal in elk geval vir u lees wat geskryf is en dit vir u uitleê.

¹⁸“Die allerhoogste God het aan u voorganger Nebukadnesar koningskap en mag, roem en eer gegee.

¹⁹Vanweë hierdie mag wat God hom gegee het, het al die volke, nasies en taalgroepe vir hom gesidder en gebeef. Hy het doodgemaak wie hy wou en hy het laat lewe wie hy wou; hy het verhoog wie hy wou en hy het verneder wie hy wou.

²⁰Maar toe hy hoogmoedig en verwaand geword het, is hy uit die koningskap afgesit en het hy sy roem verloor.

²¹Hy is uit die menslike samelewing uitgestoot en het soos die wilde diere geword; hy het saam met die wildedonkies gebly en moes gras eet soos beeste; hy is snags deur die dou van die hemel natgemaak. Hy moes erken dat die allerhoogste God mag het oor die koninkryke op aarde en daaroor aanstel wie Hy wil.

²²Maar u, Belsasar wat hom opgevolg het, u het u nie verootmoedig nie, alhoewel u dit alles weet.

²³U het verwaand opgetree teenoor die Here in die hemel: die bekere uit sy tempel is na u toe gebring en u en u hoofamptenare, u vrouens en u byvrouens het daaruit wyn gedrink. U het die gode van silwer en goud, en van brons, yster, hout en klip geprys, gode wat nie kan sien nie en nie kan hoor nie en niks weet nie. U het nie die God geëer van wie u die lewensasem ontvang en wat oor u lewe beskik nie.

²⁴Daarom is die hand deur Hom gestuur en is hierdie woorde geskrywe.

²⁵“Dit is die woorde wat geskrywe is: ‘Getel, getel, geweeg en verdeel.’

²⁶En dit is die betekenis van die woorde: ‘Getel’: God het die jare van u koningskap getel en 'n einde daaraan gemaak.

²⁷‘Geweeg’: u is geweeg en te lig bevind.

²⁸‘Verdeel’: u koninkryk is verdeel en aan die Mediërs en die Perse gegee.”

²⁹Daniël is toe op bevel van Belsasar 'n koninklike kleed aangetrek en 'n goue halsketting omgehang, en hy is uitgeroep as regeerder, derde in rang in die koninkryk.

³⁰Daardie nag is koning Belsasar van die Galdeërs vermoor.

Daniël 6

Daniël oor sy geloof in 'n leeukuil gegooi

¹Darius die Mediër het die koningskap oorgeneem toe hy twee en sestig jaar oud was.

²Hy het besluit om honderd en twintig goewerneys-generaal aan te stel om oor sy hele koninkryk te regeer.

³Oor hulle was daar drie ministers, van wie Daniël een was en aan wie die goewerneys-generaal verantwoordelik was sodat die koning se belange behoorlik behartig kon word.

⁴Hierdie Daniël het deur sy buitengewone bekwaamheid so uitgeblink bo die ander ministers en die goewerneys-generaal dat die koning van plan was om hom oor die hele koninkryk aan te stel.

⁵Die ministers en die goewerneys-generaal het toe iets teen Daniël probeer kry oor die manier waarop hy die administrasie behartig het, maar hulle kon nie. Hulle kon ook geen onreëlmatigheid vind nie, want Daniël was betroubaar en was aan geen nalatigheid of onreëlmatigheid skuldig nie.

⁶Hulle sê toe vir mekaar: “Ons sal niks teen hierdie Daniël kry nie, behalwe as ons iets kan kry in verband met sy godsdiens.”

⁷Die ministers en die goewerneys-generaal storm toe by die koning in en sê vir hom: “Mag die koning baie lank lewe!

⁸Al u ministers en al die goewerneys, goewerneys-generaal, raadgevers en administrateurs het met mekaar ooreengekom dat daar 'n koninklike dekreet uitgevaardig moet word. Die dekreet moet baie streng bepaal dat enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, U Majesteit, in 'n leeukuil gegooi moet word.

⁹Stel dan nou so 'n dekreet op en vaardig dit skriftelik uit sodat dit nie verander kan word nie; dit moet onherroeplik wees, 'n wet van Mediërs en Perse.”

¹⁰Koning Darius het toe so 'n dekreet uitgevaardig.

¹¹Toe Daniël hoor dat die dekreet uitgevaardig is, het hy na sy huis toe gegaan. Sy dakkamer se venster het na Jerusalem se kant toe gekyk en soos sy gewoonte altyd was, het Daniël voortgegaan om drie maal per dag voor sy God te kniel en Hom te prys, te aanbid en te dank.

¹²Daniël se vyande het in sy huis ingestorm en hom daar gekry waar hy sy God aanbid en Hom om genade smeek.

¹³Toe gaan hulle na die koning toe en hou die koninklike dekreet aan hom voor. “U het tog mos 'n dekreet uitgevaardig dat enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid, behalwe vir u, U Majesteit, in 'n leeuuil gegooi moet word.” Die koning het geantwoord: “Ja, en dit staan vas. Dit is 'n onherroeplike wet, 'n wet van Mediërs en Perse.”

¹⁴Toe sê hulle vir die koning: “Maar Daniël, een van die Joodse ballinge, steur hom nie aan u bevel en aan die dekreet wat u uitgevaardig het nie, U Majesteit! Hy bid nog drie maal per dag tot sy God.”

¹⁵Toe die koning dit hoor, het hy baie sleg gevoel. Hy het 'n plan probeer maak om Daniël te red, en toe die son ondergaan, het hy nog steeds geprobeer.

¹⁶Toe storm Daniël se vyande weer by die koning in en sê vir hom: “U Majesteit besef seker dat volgens die reg van die Mediërs en Perse geen dekreet of wet wat deur die koning uitgevaardig is, verander mag word nie.”

¹⁷Die koning moes toe die bevel gee, en Daniël is gebring en in 'n leeuuil gegooi. Die koning het vir Daniël gesê: “Mag jou God wat jy met soveel volharding dien, jou red.”

¹⁸Daar is 'n klip gebring en op die opening van die leeuuil gesit. Die koning het die opening verseël met sy seëling en met dié van sy hoofamptenare sodat daar niks aan Daniël se lot verander sou kon word nie.

¹⁹Die koning is na sy paleis toe en het 'n slaaplose nag deurgebring; hy het niks geëet nie en het niks gedoen om die tyd te probeer verdryf nie.

²⁰Die volgende môre vroeg toe dit lig word, het hy opgestaan en is hy haastig na die leeukuil toe.

²¹Toe hy naby die leeukuil kom, het hy angstig na Daniël geroep en vir hom gevra: “Daniël, dienaar van die lewende God, was jou God wat jy met soveel volharding dien, in staat om jou van die leeus te red? ”

²²Toe antwoord Daniël: “Mag die koning baie lank lewe!

²³My God het sy engel gestuur om die bekke van die leeus toe te sluit sodat hulle my niks kon aandoen nie, want Hy het bevind dat ek nie teen Hom oortree het nie. Ook teenoor u het ek niks verkeerd gedoen nie, U Majesteit.”

²⁴Die koning was baie bly en het beveel dat Daniël uit die leeukuil gehaal moes word. Toe Daniël uit die leeukuil gehaal is, was daar geen letsel aan hom nie, omdat hy op sy God vertrou het.

²⁵Op bevel van die koning is die mense wat vir Daniël verkla het, gebring en in die leeukuil gegooi saam met hulle kinders en hulle vrouens. Hulle het nog nie in die leeukuil grond gevat nie of die leeus was op hulle en het hulle verskeur.

²⁶Koning Darius het toe aan al die volke, nasies en taalgroepe wat oor die hele wêreld gewoon het, 'n skrywe gerig: “Voorspoed!

²⁷Ek gee hiermee opdrag dat in my hele koninkryk die God van Daniël gevrees en geëer moet word. “Hy is die lewende God, Hy bestaan vir ewig; sy koninkryk sal nie vernietig word nie, sy heerskappy sal nooit eindig nie.

²⁸Hy red en bevry, Hy doen tekens en wonders in die hemel en op die aarde; Hy het Daniël uit die kloue van die leeus gered.”

²⁹Dit het goed gegaan met Daniël gedurende die regering van Darius en die regering van Kores die Pers.

Daniël 7

Daniël se visioen oor vier diere wat uit die see uit opkom

¹In die eerste regeringsjaar van koning Belsasar van Babel het Daniël 'n droom gehad en visioene gesien in sy slaap. Hy het die droom opgeskryf en die inhoud daarvan soos volg weergegee.

²Hy het gesê: “In my nagtelike visioen het die wind uit al vier windstreke die groot see onstuimig laat word.

³Vier groot diere het uit die see uit opgekom, en elkeen was anders as die ander.

⁴Die eerste het soos 'n leeu gelyk en hy het arendsvlerke gehad. Terwyl ek kyk, is sy vlerke afgeruk en is hy opgelig, sodat hy op twee voete gestaan het soos 'n mens, en 'n mens se verstand is aan hom gegee.

⁵Die tweede dier het soos 'n beer gelyk. Hy het op sy agterpote gestaan en het drie ribbebene in sy bek gehad. Daar is vir hom gesê: ‘Vreet maar! Vreet soveel vleis as jy wil!’

⁶En toe ek weer sien, was daar nog 'n dier, een soos 'n luiperd. Hy het op sy rug vier vlerke gehad soos dié van 'n voël. Hy het vier koppe gehad en aan hom is heerskappy gegee.

⁷My nagtelike visioen het voortgeduur en toe ek weer sien, was daar 'n vierde dier, skrikwekkend, vreesaanjaend en baie sterk. Hy het groot ystertande gehad en alles wat voorkom, verslind en vermorsel en wat oorgebly het met sy pote vertrap. Hy was anders as die vorige diere en het tien horings gehad.

⁸Terwyl ek stip na die horings kyk, het daar 'n klein horinkie tussen hulle uitgekom, en drie van die ander is uitgeruk om vir hom plek te maak. Hierdie horing het mensoë gehad en 'n mond wat allerlei verwaande dinge kwytkeraak het.

⁹“Terwyl ek kyk, is daar trone reggesit, en Hy wat ewig lewe, het op sy troon gaan sit. Sy klere was so wit soos sneeu, sy hare soos skoon wol. Sy troon was van vuurvlamme met wiele van vuur.

¹⁰Vuur het uit die troon gestroom en verder gevloei. Duisende der duisende het Hom gedien, miljoene het daar voor Hom kom staan. Die hofsitting het begin, en die boeke met die aanklagte is oopgemaak.

¹¹“Terwyl ek kyk, is die een dier oor die verwaande gepraat van die horinkie doodgemaak en is sy liggaam vernietig deur dit in die vuur te gooi.

¹²Ook die ander diere se heerskappy is van hulle weggeneem, maar hulle lewens is nog 'n tyd lank gespaar.

¹³“My nagtelike visioen het voortgeduur: daar het in die wolke iemand aangekom, iemand soos 'n menslike wese. Hy het na Hom toe gegaan wat ewig lewe en is voor Hom gebring.

¹⁴“Aan dié menslike wese is die heerskappy en eer en koningskap gegee sodat al die volke, nasies en taalgroepe hom sou dien. Sy heerskappy is 'n ewige heerskappy, dit sal nie tot niet gaan nie; sy koningskap sal nie ophou nie.

¹⁵“Ek, Daniël, het beangs geraak hieroor; die visioen wat ek gesien het, het my laat skrik.

¹⁶Ek het na een van dié wat daar gestaan het, gegaan en hom gevra wat dit alles beteken. Hy het dit toe vir my soos volg uitgelê:

¹⁷Die vier groot diere staan vir vier koninkryke wat op die aarde sal ontstaan.

¹⁸Maar die heiliges van die Allerhoogste sal die koninklike heerskappy ontvang en dit vir altyd besit.

¹⁹“Toe wou ek weet waarvoor die vierde dier staan, wat anders was as al die ander, buitengewoon skrikwekkend, met ystertande en bronskloue, wat al wat voorkom, verslind en vermorsel het en wat met sy pote vertrap het wat oorgebly het.

²⁰Ek wou ook weet wat die tien horings op sy kop beteken, en waarvoor die ander een staan wat uitgekom het nadat daar drie uitgeruk is, die horing wat groter geword het as die ander en wat oë gehad het en 'n mond wat allerlei verwaande dinge kwytingeraak het.

²¹Terwyl ek kyk, het daardie horing begin oorlog maak teen dié wat aan God behoort het, die horing het hulle oorweldig.

²²Toe het Hy wat ewig lewe, gekom en uitspraak gelewer ten gunste van die heiliges van die Allerhoogste. Die tyd het aangebreek dat die heiliges van God die koninklike heerskappy sou ontvang.

²³“Dit is vir my soos volg verklaar: Die vierde dier is 'n vierde koninkryk wat op die aarde sal ontstaan en wat anders sal wees as al die ander koninkryke. Hy sal die hele wêreld insluk, dit verwoes en vertrap.

²⁴Wat die tien horings betref: in daardie koninkryk sal tien konings een na die ander regeer, en ná hulle sal daar een kom wat heeltemal anders sal wees as die voriges, en hy sal drie konings onderwerp.

²⁵Hy sal teen die Allerhoogste laster en die heiliges van die Allerhoogste vervolg. Hy sal probeer om die godsdienstige feeste en wette te verander, en die heiliges van die Allerhoogste sal in sy mag oorgegee word vir die hele vasgestelde tyd.

²⁶Dan sal die hof sit en sal daardie koning se heerskappy van hom af weggevat en vir goed vernietig en beëindig word.

²⁷Die heerskappy en mag en grootheid van al die koninkryke op aarde sal gegee word aan die heilige volk van die Allerhoogste. Sy koninkryk is 'n ewige koninkryk, en al die regeerders sal Hom dien en Hom gehoorsaam wees.

²⁸“Hier eindig my vertelling. Ek, Daniël, het baie geskrik toe ek hieroor dink, en dit het my baie ontstel. Maar ek het alles vir myself gehou.”

Daniël 8

Daniël se visioen oor die skaapram en die bokram

¹Nadat ek, Daniël, hierdie visioen gesien het, het ek in die derde regeringsjaar van koning Belsasar nog 'n visioen gesien.

²In dié visioen het ek my in die vestingstad Susan bevind, in die provinsie Elam. Ek sien toe dat ek by die Ulairivier is

³en toe ek kyk, sien ek 'n skaapram met horings by die rivier staan. Sy horings was lank; die een was langer as die ander en het later as die ander een uitgekom.

⁴Ek het die ram na die westekant, die noordekant en die suidekant sien stoot, en geen dier was teen hom opgewasse nie. Niemand was in staat om iemand uit sy mag te red nie. Hy het gemaak wat hy wil en het baie magtig geword.

⁵Terwyl ek nog hieraan aandag gee, kom daar uit die weste 'n bokram aan wat so vinnig oor die aarde beweeg dat hy nie grond raak nie. Dié bokram het 'n opvallende horing tussen sy oë gehad.

⁶Hy het aangekom na die skaapram met die twee horings, wat ek by die rivier sien staan het, en hom met alle mag stormgeloop.

⁷Ek het gesien hoe hy tot by die skaapram kom, hom briesend stamp en sy twee horings afbreek. Die skaapram was nie opgewasse teen hom nie en hy het die skaapram teen die grond geslinger en hom vermorsel. Daar was niemand wat die skaapram uit sy mag kon red nie.

⁸Die bokram het baie magtig geword, maar op die hoogtepunt van sy mag is sy groot horing afgebreek. In dié se plek het daar vier opvallende horings uitgekom; hulle het na die vier windstreke toe gewys.

⁹Uit een van die horings het daar 'n horing uitgekom wat eers onaansienlik was, maar toe buitengewoon magtig geword het na die suidekant, na die oostekant en na die pragtige stad se kant toe.

¹⁰Hy het so magtig geword dat hy selfs die hemelse leërmag aangedurf het en party van hulle, die sterre, op die grond gegooi en vertrap het.

¹¹Hy het selfs die Hoof van daardie leërmag aangedurf deur die daaglikse offer aan Hom te verbied en sy heilige woning af te breek.

¹²'n Sondige erediens is in die plek van die daaglikse offer ingestel en die ware godsdiens vertrap. Hierdie horing was voorspoedig in alles wat hy gedoen het.

¹³Ek het 'n hemelwese hoor praat, en 'n ander hemelwese het vir die een wat praat, gevra: “Hoe lank sal die dinge van die visioen aanhou: die ding van die daaglikse offer, die skrikwekkende sonde, die prysgawe van die heiligdom en die vertrapping van die hemelse leërmag? ”

¹⁴Hy sê toe vir my: “Twee duisend drie honderd aande en oggende. Dan sal die heiligdom herstel word.”

¹⁵Nadat ek, Daniël, die visioen gesien het, het ek gesoek na 'n verklaring daarvoor. Meteens staan daar toe voor my iemand wat soos 'n man lyk,

¹⁶en ek hoor 'n stem uit die Ulai roep: “Gabriël, verklaar vir Daniël die gesig! ”

¹⁷Hy het nader gekom na die plek toe waar ek gestaan het, en toe hy by my kom, het ek bang geword en vooroor op die grond geval. Hy sê toe vir my: “Jy moet verstaan, mens, dié visioen slaan op die eindtyd.”

¹⁸Terwyl hy met my praat, het ek bewusteloos geraak en daar gelê met my gesig op die grond. Maar hy het my gevat en my op my voete getel

¹⁹en vir my gesê: “Ek sal jou vertel waarop die toorn van God gaan uitloop. Dit gaan oor die eindtyd.

²⁰Die skaapram met horings wat jy gesien het, staan vir die koninkryk van Medië en Persië.

²¹Die harige bokram staan vir die koninkryk van Griekeland, en die groot horing tussen sy oë is die eerste koning.

²²Dat dit afgebreek is en dat daar vier in sy plek gekom het, beteken dat daar vier koninkryke uit daardie nasie sal ontstaan, maar hulle sal nie so sterk soos die eerste wees nie.

²³Teen die einde van hulle heerskappy, wanneer die sonde sy hoogtepunt bereik het, sal 'n hardvogtige en slinkse koning op die toneel verskyn.

²⁴Hy sal baie sterk word, maar nie deur eie krag nie. Hy sal ongelooflike verwoesting aanrig en sal voorspoedig wees in alles wat hy doen. Hy sal magtiges vernietig, ook die heilige volk.

²⁵Deur sy vindingrykheid sal hy slaag met sy sluwe optrede. In sy verwaandheid sal hy baie mense goedsmoeds om die lewe bring. Hy sal selfs die hoogste Regeerder uitdaag, maar sal vernietig word sonder die toedoen van 'n mens.

²⁶Wat oor die aande en oggende aan jou geopenbaar is, sal werklik gebeur. Maar jy moet die visioen geheim hou, want dit sien op die verre toekoms.”

²⁷Ek, Daniël, was gedaan en het lank siek gelê. Daarna het ek opgestaan en weer my werk in die koning se diens gedoen. Ek was egter ontsteld oor die visioen, en niemand het geweet wat met my aangaan nie.

Daniël 9

Daniël bid om vergifnis vir sy volk; die einde van die verdrukking word aangekondig

¹Dit was in die eerste regeringsjaar van Darius seun van Ahasveros. Hy was van geboorte 'n Mediër maar het koning geword oor die Galdese ryk.

²In sy eerste regeringsjaar het ek, Daniël, uit die Skrifte vasgestel dat volgens die woord van die Here wat tot die profeet Jeremia gekom het, Jerusalem sewentig volle jare 'n puinhoop sou wees.

³Daarom het ek my na die Here God gewend in gebed en smeking: ek het gevas, rouklere aangetrek en as oor my kop gegooi.

⁴Ek het tot die Here my God gebid en bely: “Ag, Here, groot en ontsagwekkende God, U handhaaf u verbond en u trou teenoor dié wat vir U liefhet en u gebooie gehoorsaam.

⁵Ons het gesondig, ons het oortree, ons het verkeerde dinge gedoen, ons was opstandig en het nie gelewe volgens u gebooie en u bepalings nie.

⁶Ons het nie geluister na u dienaars die profete nie, wat in u Naam ons konings, ons leiers, ons familiehoofde en die hele bevolking aangespreek het.

⁷U is regverdig, Here. Dit is onself wat hierdie ellende oor ons gebring het, oor die mense van Juda, oor die inwoners van Jerusalem, oor die hele Israel,

dié wat naby is sowel as dié wat ver is, ver in al die lande waarheen U hulle verstrooi het oor hulle ontrou teenoor U.

⁸Here, hierdie ellende het oor ons, oor ons konings, oor ons leiers en oor ons familiehoofde gekom omdat ons teen U gesondig het.

⁹Maar U, Here ons God, bewys barmhartigheid en U vergewe, al was ons opstandig teen U.

¹⁰“Ons was nie aan U, Here ons God, gehoorsaam nie, ons het nie volgens u wil gelewe nie, u wil wat U deur u dienaars, die profete, aan ons gegee het.

¹¹Die hele Israel het u wil oortree; hulle het afvallig geword en nie na U geluister nie. Daarom het U die vloek wat met 'n eed bevestig is en wat opgeteken is in die wet van Moses, die dienaar van God, oor ons laat kom. Dit is omdat ons teen U gesondig het.

¹²U het die woorde wat U in verband met ons en ons regeerders uitgespreek het, in vervulling laat gaan en hierdie groot onheil oor ons gebring. Daar het nog nooit op die aarde so iets gebeur soos in Jerusalem nie.

¹³Al hierdie onheil het oor ons gekom net soos dit geskryf staan in die wet van Moses; tog het ons, Here ons God, nie ons saak met U reggemaak deur ons van ons sonde te bekeer en in te sien dat U doen wat U sê nie.

¹⁴Daarom het U ons hierdie onheil nie gespaar nie maar dit oor ons gebring. Here ons God, U is regverdig in alles wat U doen, ons het nie na U geluister nie.

¹⁵“Here ons God, U het u volk deur u groot mag uit Egipte gelei en daardeur u Naam groot gemaak soos dit vandag nog is. Maar ons het gesondig, ons het verkeerd gedoen.

¹⁶Here, U het reddingsdade gedoen, neem tog u toorn en u woede weg van Jerusalem, u stad, u heilige berg, want deur ons sonde en deur die oortredinge van ons voorvaders spot almal rondom ons nou met Jerusalem en met u volk.

¹⁷Ter wille van Uself, hoor tog my gebed en smeking, en verskyn tog tot redding van u verwoeste heiligdom.

¹⁸Luister tog, my God! Hoor ons tog! Sien tog ons verlatenheid raak, en dié van die stad waaroor u Naam uitgeroep is. Ons pleit by U om ontferming, nie omdat ons regverdig is nie, maar op grond van u groot barmhartigheid.

¹⁹Hoor, Here! Vergewe, Here! Gee tog ag op ons en tree op! Ter wille van Uself, moenie talm nie, my God. U Naam is oor u stad en oor u volk uitgeroep.”

²⁰Terwyl ek nog praat en bid en my sonde en die sonde van my volk Israel bely en by die Here my God pleit vir sy heilige berg,

²¹terwyl ek nog so aan die bid was, het Gabriël, die man wat ek die vorige keer in die visioen gesien het, by my aangevlieg gekom. Dit was die tyd van die aandoffer.

²²Hy het my kom inlig en vir my gesê: “Daniël, ek het gekom om jou deeglik in te lig.

²³Toe jy met jou smeekgebed begin het, is daar 'n antwoord gegee, en ek het gekom om dit vir jou te vertel, want God het jou lief. Gee dus ag op wat ek sê, sodat jy die visioen kan verstaan.

²⁴Daar is sewentig tydperke vir jou volk en vir jou heilige stad vasgestel. In dié tyd sal daar aan die goddeloosheid en die sondes 'n einde gemaak word en sal daar versoening gedoen word vir die oortredinge. Dit is die tyd waarin 'n blywende geregtigheid tot stand gebring sal word, waarin die profesie en die visioen tot vervulling sal kom en die tempel heringewy sal word.

²⁵Jy moet nou goed verstaan, vandat die opdrag gegee is dat Jerusalem herstel en herbou moet word, totdat 'n regeerder kom wat deur God uitverkies is, sal sewe tydperke wees. Twee en sestig tydperke lank sal Jerusalem opgebou bly, met strate en verdedigingslote, maar dit sal moeilike tye wees.

²⁶Aan die einde van die twee en sestig tydperke sal 'n regeerder onskuldig doodgemaak word. Die stad en die heiligdom sal verwoes word deur die volk

van 'n ander regeerder wat op die toneel sal verskyn. Die einde sal kom soos 'n oorstroming; daar sal oorlog wees tot die einde toe, rampe soos besluit is.

²⁷Dié regeerder sal vir een tydperk 'n vaste ooreenkoms aangaan met die vooraanstaandes en teen die helfte van dié tydperk sal hy die diereoffers en die graanoffers afskaf. Hy sal op die een hoek van die tempel 'n ding sit wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, en dit sal daar staan tot alles verby is. Dan sal oor dié regeerder wat soveel verwoesting aangerig het, losbars wat oor hom besluit is.”

Daniël 10

Die verbondsvolk in die eindtyd

¹In die derde regeringsjaar van koning Kores van Persië het Daniël wat Beltsasar genoem word, 'n openbaring ontvang. Dit was 'n egte openbaring, maar dit was moeilik om te verstaan. Tog het Daniël dit begryp nadat die betekenis daarvan in 'n visioen aan hom geopenbaar is.

²In daardie tyd het ek, Daniël, drie weke getreur.

³Ek het die volle drie weke geen lekker kos geëet nie, my mond nie aan vleis of wyn gesit nie en geen reukolie gebruik nie.

⁴Op die vier en twintigste dag van die eerste maand was ek by die groot rivier, die Tigris.

⁵Toe ek opkyk, sien ek 'n man met linneklere aan en met 'n gordel van fyn goud uit Ufas om sy lyf.

⁶Sy liggaam het geskitter soos 'n edelsteen, sy gesig het gestraal soos weerlig, sy oë het geskyn soos brandende fakkels, sy arms en bene het geblink soos gepoleerde brons, en sy woorde het geklink soos 'n harde dreuning.

⁷Net ek, Daniël, het die visioen gesien. Die mense by my het dit nie gesien nie. Tog was hulle so skrikbevange dat hulle gevlug en weggekruip het

⁸en ek alleen agtergebly het. Toe ek hierdie indrukwekkende visioen sien, het ek magteloos en doodsbang geword en het ek geen krag meer gehad nie.

⁹Toe hoor ek die man praat, en terwyl ek hom nog hoor praat, het ek bewusteloos vooroor op die grond geval.

¹⁰Daarna het 'n hand my gevat en my op my knieë en hande laat staan, terwyl ek gebewe het.

¹¹Die man sê toe vir my: “Daniël, jy vir wie God liefhet, gee ag op wat ek vir jou gaan sê, en staan regop. Ek is na jou toe gestuur.” Toe hy dit vir my sê, het ek bewend regop gaan staan.

¹²Hy sê toe vir my: “Moenie bang wees nie, Daniël, want van die eerste oomblik af dat jy jou ingespan het om insig te kry en jou voor jou God verootmoedig het, is jou gebede verhoor. Ek het gekom in antwoord op jou gebede.

¹³Die engel van die Persiese Ryk het my een en twintig dae lank teruggehou, maar toe het Migael, een van die vernaamste engele, my te hulp gekom en ek was nie meer nodig teen die Persiese konings nie.

¹⁴Ek het gekom om jou in te lig oor wat in die toekoms met jou volk gaan gebeur, want ook hierdie visioen sien op die tye wat kom.”

¹⁵Terwyl hy dit vir my sê, het ek sprakeloos my kop na die grond toe laat sak.

¹⁶Toe het iemand wat soos 'n mens gelyk het, my lippe aangeraak, en ek kon weer my mond oopmaak en praat. Ek het vir die een wat voor my gestaan het, gesê: “Meneer, die visioen het my so ontstel dat ek geen krag meer het nie.

¹⁷Hoe kan ek, u dienaar, met iemand soos u praat, Meneer! My kragte het ingegee, ek kan skaars nog asemhaal.”

¹⁸Toe het hy wat soos 'n mens gelyk het, my weer aangeraak en vir my krag gegee.

¹⁹Hy het vir my gesê: “Moenie bang wees nie, jy vir wie God liefhet! Dit sal goed gaan met jou. Wees sterk! Wees sterk! ” Terwyl hy met my praat, het ek weer sterk gevoel en gesê: “U kan maar praat, want u het vir my krag gegee.”

²⁰Hy het toe vir my gesê: “Nou weet jy waarom ek na jou toe gekom het. En nou moet ek teruggaan om teen die engel van Persië te gaan veg, en as ek met hom klaar is, sal die engel van Griekeland kom.

²¹Maar eers sal ek jou vertel wat in die Boek van die Waarheid opgeteken is. Daar is niemand wat my teen hulle bystaan nie behalwe julle engel Migael.

Daniël 11

¹“In die eerste regeringsjaar van Darius die Mediër het ek opgetree om hom te bemoedig en te beskerm.

²Wat ek jou nou gaan vertel, staan vas. Daar sal nog drie konings oor Persië regeer, en dan 'n vierde, wat ryker as al die voriges sal wees. As hy deur sy rykdom magtig geword het, sal hy die hele wêreld teen die Griekse ryk opsweep.

³Dan sal 'n dapper koning op die toneel verskyn wat oor 'n groot ryk sal regeer en sal maak wat hy wil.

⁴Maar sy mag sal skaars gevestig wees of sy koninkryk sal opgebreek en volgens die vier windstreke verdeel word. Dit sal nie na sy nakomelinge oorgaan nie. Sy koninkryk sal omgekeer word en na heeltemal ander persone toe oorgaan, en hulle sal nie die mag hê waaroor hy beskik het nie.

⁵“Die koning van die suide sal sterk word, maar een van sy generaals sal nog sterker word as hy en sal oor 'n baie groot ryk heers.

⁶Na verloop van tyd sal hulle met mekaar 'n bondgenootskap aangaan, en die dogter van die koning van die suide sal aan die koning van die noorde as vrou gegee word om die bondgenootskap te bekragtig. Sy sal egter nie haar invloed daar behou nie, en haar pa sal geen gesag daar hê nie. Sy en dié wat haar gebring het, en ook haar pa en haar man, sal in dié tyd ondergaan.

⁷In haar pa se plek sal een van haar familielede koning word, teen die leer van die koning van die noorde optrek, sy vesting binnedring en as oorwinnaar met die inwoners doen wat hy wil.

⁸Hy sal ook hulle gode en hulle beelde met hulle skatte van silwer en goud na Egipte toe wegvoer. Dan sal hy die koning van die noorde 'n aantal jare met rus laat.

⁹Dié sal sy gebied binneval, maar sal die aftog moet blaas terug na sy land toe.

¹⁰“Sy seuns sal hulle vir oorlog klaarmaak en groot leërs bymekaarmaak. Een van hulle sal al verder en verder opruk soos 'n vloedgolf wat alles oorspoel, en hy sal uiteindelik die vesting van die koning van die suide aanval.

¹¹Dié sal woedend teen hom, die koning van die noorde, optrek en die groot leër wat hy byeengebring het, verslaan.

¹²Wanneer die leër gevange geneem is, sal die koning van die suide selfvoldaan raak. Hy sal tienduisende verslaan, maar tog nie die oorwinnaar bly nie.

¹³Die koning van die noorde sal terugkom nadat hy 'n groter leër op die been gebring het as die vorige, en na verloop van 'n aantal jare sal hy sy verskyning maak met 'n groot en goed toegeruste leër.

¹⁴In daardie tyd sal baie teen die koning van die suide in opstand kom, en ook uit jou volk sal mense wat geweld voorstaan, in opstand kom met die gedagte dat 'n visioen so in vervulling gaan, maar hulle sal verslaan word.

¹⁵“Dan sal die koning van die noorde 'n vestingstad beleër en dit inneem, en die magte van die suide sal nie kan standhou nie. Selfs die keurtroepe sal nie sterk genoeg wees om hom teë te hou nie.

¹⁶Hierdie invaller sal maak soos hy wil, niemand sal hom in die weg staan nie. Hy sal ook die beloofde land in besit neem en dit ten volle in sy mag kry.

¹⁷Hy sal besluit om die volle krag van sy koninkryk teen die koning van die suide in die stryd te werp en sal, om dié se koninkryk te vernietig, met hom 'n bondgenootskap sluit en dit bekragtig deur aan hom 'n besondere meisie as vrou te gee. Die plan sal egter nie geluk nie, daar sal niks van kom nie.

¹⁸Dan sal die koning van die noorde hom toelê op die kusgebiede en baie verower, maar daar sal aan sy vermetele optrede 'n einde gemaak word deur 'n ander leier vir wie hy nie in gelyke munt sal kan terugbetaal nie.

¹⁹Hy sal koers kies na die vestings toe in sy eie land, maar hy sal verslaan word en tot 'n val kom, en dan is dit klaar met hom.

²⁰Hy sal opgevolg word deur iemand wat 'n belastinggaarder sal aanstel om die rykdom van die koninkryk te vergroot. Dié koning sal binne enkele jare om die lewe gebring word, maar nie in die openbaar of in 'n geveg nie.

²¹“Hy sal opgevolg word deur 'n veragtelike persoon wat geen koninklike status besit nie, maar wat sy weg sal baan terwyl die mense niks vermoed nie en wat die mag sal kry deur slinksheid.

²²Hy sal die leërs van die instromende mag voor hom wegvee en uitwis, ook die leier van die verbondsvolk.

²³Die veragtelike persoon sal troubreuk pleeg teen die bondgenootskappe wat met hom aangegaan word en hy sal groot en sterk word, al is sy nasie klein.

²⁴Hy sal ryk gebiede van 'n provinsie onverwags binnegaan en doen wat sy voorgangers nie kon regkry nie: hy sal wat hy buit en roof en in besit kry, uitdeel. Hy sal vestingstede met slim planne in die hande kry, maar dit sal van korte duur wees.

²⁵“Hy sal al sy krag inspan teen die koning van die suide en hom aandurf met 'n groot leer. Die koning van die suide sal hom met 'n groot en sterk leer gereed maak vir die geveg, maar hy sal nie standhou nie omdat daar sameswerings teen hom sal wees.

²⁶Mense aan sy eie hof sal hom breek. Sy leer sal oorweldig word, en baie van sy soldate sal sneuwel.

²⁷Die twee konings sal bese planne in die mou voer en sal mekaar aan dieselfde tafel sit en belieg, maar dit sal hulle nie baat nie, want hulle einde is klaar bepaal.

²⁸“Dan sal die koning van die noorde met baie besittings na sy land toe terugkeer, maar hy sal eers optree teen die gewyde verbondsvolk. Nadat hy dit gedoen het, sal hy teruggaan na sy eie land toe.

²⁹“Op die bestemde tyd sal hy die suide weer binneval, maar hierdie keer sal dit nie weer gaan soos die vorige keer nie.

³⁰Skepe van die westelike kuslande sal teen hom optrek en hy sal skrik en omspring. Dan sal hy sy woede kom koel op die gewyde verbondsvolk deur die raad te volg van dié wat afvallig geword het van die gewyde verbondsvolk.

³¹Van die koning se troepe sal die heiligdom en die vesting ontheilig. Hulle sal die daaglikse offer afskaf en 'n ding oprig wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig.

³²Die koning sal dié wat aan die verbond ontrou is, deur vleierey verlei tot afvalligheid, maar die mense wat hulle God ken, sal vasstaan.

³³Verstandige leiers van die volk sal leiding gee aan baie mense, maar 'n tyd lank sal hulle doodgemaak, verbrand, gevange geneem en geplunder word.

³⁴Wanneer dit hulle tref, sal hulle 'n bietjie hulp ontvang, en baie sal vir die skyn by hulle aansluit.

³⁵Dan sal die vervolging party van die verstandige leiers tref sodat die volk gelouter, gesuiwer en gereinig kan word tot die eindtyd toe, want die einde is klaar bepaal.

³⁶“Die koning van die noorde sal maak soos hy wil en sal hom verhef en hom groter hou as enige god. Selfs teen die ware God sal hy ongehoorde dinge sê. Hy sal daarmee aanhou totdat die tyd van God se toorn oor sy volk verby is, want wat besluit is, sal gebeur.

³⁷Die koning van die noorde sal hom nie steur aan die gode van sy voorgangers of aan die god wat deur vrouens bemin word of aan enige ander god nie, maar sal homself belangriker as hulle almal beskou.

³⁸Hy sal nie hierdie gode vereer nie, maar die vestinggod, 'n god vir wie sy voorgangers nie geken het nie. Hom sal hy vereer met goud, silwer, edelstene en kosbare geskenke.

³⁹Met behulp van dié vreemde god sal hy teen die vyand se versterkte vesting optree. Aan wie hom erken, sal hy groot eer bewys en hulle as regeerders oor baie aanstel. Hy sal grond aan hulle uitdeel as geskenke.

⁴⁰“In die eindtyd sal die koning van die suide hom aanval, maar hy sal teen die koning van die suide opruk met strydwaens, ruitery en baie skepe en sal die een land na die ander oorval soos 'n oorstroming.

⁴¹Hy sal selfs die beloofde land inval. Baie lande sal voor hom val, maar Edom, Moab en die beste dele van Ammon sal uit sy mag ontkom.

⁴²Hy sal sy mag uitbrei oor baie lande, en selfs Egipte sal nie ontkom nie.

⁴³Hy sal oor Egipte se skatte, sy goud, sy silwer, al sy kosbare dinge, beheer hê en hy sal ook die Libiërs en die Kussiete onderwerp.

⁴⁴Dan sal gerugte uit die ooste en die noorde hom ontstel, en hy sal woedend optrek om baie mense dood te maak en uit te roei.

⁴⁵Hy sal sy koninklike tente opslaan tussen die see en die pragtige berg waar die heiligdom staan. Maar dan sal hy aan sy einde kom en niemand sal hom kan help nie.

Daniël 12

¹“In daardie tyd sal Migael, die groot engel wat oor die lede van jou volk waghou, op die toneel verskyn. Dit sal 'n swaar tyd wees, so swaar soos dit nog nooit was vandat daar nasies is nie. In daardie tyd sal almal uit jou volk wat in die boek opgeskryf is, gered word.

²Baie van dié wat ontslaap het, sal uit die graf opstaan, party tot die ewige lewe en party tot ewige skande en veragting.

³Die verstandige leiers sal skitter met die glans van die hemel self, en dié wat baie mense op die regte pad gelei het, sal vir altyd skitter soos die sterre.

⁴“En jy, Daniël, hou die woorde geheim en verseël die boek tot die eindtyd toe. Baie mense sal oor die gebeurtenisse navraag doen om begrip daarvan te probeer kry.”

⁵Ek, Daniël, het toe twee ander persone by die Tigrisrivier sien staan, een aan die duskant en een aan die anderkant.

⁶Een van hulle het aan 'n man wat linneklere aangehad het en bokant die water gestaan het, gevra: “Hoe lank sal hierdie onbegryplike gebeurtenisse nog aanhou? ”

⁷Toe hoor ek die man praat wat die linneklere aangehad het en bokant die water gestaan het. Hy het sy regter- sowel as sy linkerhand na die hemel toe opgesteek en 'n eed afgelê by Hom wat ewig lewe, en het geantwoord: “Die hele vasgestelde tyd. Wanneer die gewyde volk se mag heeltemal vernietig is, sal al hierdie dinge ophou.”

⁸Ek het dit gehoor maar dit nie verstaan nie. Daarom het ek gevra: “Meneer, waarop gaan dit alles uitloop? ”

⁹Toe sê hy: “Jy moet nou gaan, Daniël, want die woorde is verseël en word geheim gehou tot die eindtyd toe.

¹⁰Baie mense sal gesuiwer, gereinig en gelouter word, maar die goddeloses sal goddeloos bly. Nie een van die goddeloses sal verstaan nie, maar die verstandige leiers sal verstaan.

¹¹Van die tyd dat die daaglikse offer afgeskaf is en die ding opgerig is wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, sal daar twaalf honderd en negentig dae verloop.

¹²Dit sal goed gaan met wie geduldig bly tot dertien honderd vyf en dertig dae verby is.

¹³Maar hou jy aan tot die einde toe. Jy sal te ruste gelê word maar weer opstaan en jou bestemde deel ontvang in die eindtyd.”

Hosea

Hosea 1

¹Die woord van die Here wat gekom het tot Hosea seun van Beëri tydens die regering van konings Ussia, Jotam, Agas en Hiskia van Juda en van koning Jerobeam van Israel, seun van Joas.

Die Israeliete is ontrou aan die Here

²'n Inleiding tot die woorde van die Here deur die diens van Hosea. Die Here het vir Hosea gesê: Gaan trou met 'n prostituut wat buite-egtelike kinders het, want die land is besig om te hoereer, om heeltemal ontrou aan die Here te word.

³Hosea het toe met Gomer dogter van Diblajim gaan trou. Sy het swanger geraak en vir Hosea 'n seun in die wêreld gebring.

⁴Die Here sê toe vir Hosea: Noem die seun Jisreël, want Ek gaan binnekort die koningshuis van Jehu laat boet vir die bloedbad in die stad Jisreël en Ek gaan die koningskap in Israel tot niet maak.

⁵Dié dag sal Ek die leer van Israel vernietig in die Jisreëlvlakte.

⁶Gomer het weer swanger geraak en sy het 'n dogter gekry. Die Here het toe vir Hosea gesê: Noem haar Sonder-ontferming, want Ek gaan My nie weer oor Israel ontferm en hulle sonde vergewe nie.

⁷Maar Ek sal My oor Juda ontferm en Ek, die Here hulle God, sal hulle red. Ek sal dit nie doen met wapens, oorlog, perde en ruiters nie.

⁸Nadat sy vir Sonder-ontferming gespeen het, het Gomer weer swanger geraak en 'n seun gekry.

⁹Die Here het gesê: Noem hom Nie-my-volk-nie, want julle is nie my volk nie en Ek is nie julle God nie.

'n Nuwe toekoms vir Israel

¹⁰Tog sal die getal van die Israeliete in die toekoms wees soos die sand van die see wat nie getel of gemeet kan word nie. Waar nou vir hulle gesê word: “Julle

is Nie-my-volk-nie,” sal vir hulle gesê word: “Julle is kinders van die lewende God.”

¹¹Dan sal die Judeërs en die Israeliete weer een word en vir hulle een leier aanwys en die beheer van die land oorneem. Daardie dag sal Jisreël se val groot wees.

¹²Sê maar solank vir julle broers: “My volk,” en vir julle susters: “Dié vir wie daar ontferming is.”

Hosea 2

Ek gaan haar laat boet

¹Kla julle moeder aan, kla haar aan! Sy is nie meer my vrou nie, Ek is nie meer haar man nie. Sy moet ophou om ontrou te wees en sy moenie meer owerspel pleeg nie,

²anders trek Ek haar kaal uit en maak haar so weerloos soos op haar geboortedag. Ek sal haar soos 'n woestyn maak, soos 'n dor land, en sy sal van dors doodgaan.

³Ek sal My nie oor haar eerste kinders ontferm nie, want hulle is buite-egtelike kinders.

⁴Hulle moeder was 'n prostituut, sy het swanger geword omdat sy haar skandelik gedra het. Sy het bly sê: “Ek gaan na my minnaars toe. Dit is hulle wat sorg dat ek brood en water, wol en vlas, olie en drank het.”

⁵Daarom gaan Ek haar pad versper met doringtakke en haar afkamp sodat sy nie haar planne kan uitvoer nie,

⁶en as sy dan haar minnaars probeer opsoek en hulle nie raakloop nie, hulle soek en nie kry nie, sal sy dalk sê: “Ek sal na my eie man toe teruggaan, want ek was by hom beter versorg as nou.”

⁷Sy wou nie erken dat dit Ek is wat vir haar koring en wyn en olie en baie geld gee nie, geld wat sy in elk geval vir Baäl gebruik het.

⁸Daarom gaan Ek die koring en wyn wat sy by My kry, terughou in die oestyd. Ek gaan ook die wol en die vlas terugvat wat Ek haar gegee het om haar naaktheid te bedek.

⁹Ek gaan haar nou kaal uittrek voor die oë van haar minnaars. Nie een sal haar kan help nie.

¹⁰Ek gaan 'n einde maak aan al haar feesvreugde, haar huttefeeste, haar nuwemaansfeeste en haar sabbatsfeeste, al haar feeste.

¹¹Ek gaan haar wingerde en haar vyebome verwoes, die dinge waarvan sy sê: “Dit is my beloning wat my minnaars my gee vir my dienste.” Ek gaan dit 'n boskasie maak en die wilde diere sal dit opvreet.

¹²Ek gaan haar laat boet vir al die kere dat sy die Baäls gedien het en vir hulle geoffer het, vir al die kere dat sy haar uitgedos het met ringe en versiersels en agter haar minnaars aangeloop het en My vergeet het, sê die Here.

Jy is my volk

¹³Tog sal Ek weer begin om haar die hof te maak. Ek sal haar na die woestyn toe bring en mooi dinge vir haar sê.

¹⁴Wanneer ons daar is, sal Ek weer vir haar wingerde gee, Ek sal die Akorlaagte 'n poort na 'n nuwe toekoms maak. Dan sal sy weer my liefde beantwoord soos toe sy jonk was, soos toe sy uit Egipte getrek het.

¹⁵Dié dag, sê die Here, sal jy vir My sê: “My man,” en My nie meer as 'n Baäl beskou nie.

¹⁶Ek sal sorg dat jy die name van die Baäls nie weer noem nie en dat jy hulle nooit weer aanroep nie.

¹⁷Dié dag sal Ek vir Israel 'n ooreenkoms sluit met die wilde diere, die voëls en alles wat op die grond kruip. Ek sal die wapens vernietig en 'n einde maak aan oorloë in die land sodat daar rus en vrede kan wees.

¹⁸Ek gaan jou my bruid maak vir altyd. Ek gaan jou aan My bind deur my weldade en my goeie sorg, deur my liefde en my ontferming.

¹⁹Ek gaan jou aan My bind deur my onverbreekbare trou sodat jy aan My, die Here, toegewy sal wees.

²⁰Dié dag sal Ek antwoord, sê die Here. Ek sal die lug antwoord en dié sal die grond antwoord.

²¹En die grond sal antwoord met koring, wyn en olie vir Jisreël.

²²Ek sal my ontferm oor Sonder-ontferming en haar vrugbaar maak in die land. Ek sal vir Nie-my-volk-nie sê: “Jy is my volk,” en hy sal vir My sê: “My God.”

Hosea 3

Israel sal vra na die wil van die Here

¹Die Here het vir my gesê: Gaan knoop weer 'n liefdesverhouding aan met 'n vrou wat vir ander mans lief is en egbreuk pleeg, net soos die Israeliete vir wie Ek, die Here, lief het, ander gode aanhang en lief is vir rosyntjiekoeke.

²Ek het toe vir my 'n vrou gekry vir vyftien stukke silwer en honderd kilogram gars.

³Ek het vir haar gesê: “Jy moet 'n lang tyd tot my beskikking wees. Jy mag met niemand hoereer of trou nie, ek sal dit ook nie doen nie.”

⁴Net so sal die Israeliete 'n lang tyd moet klaarkom sonder 'n koning en amptenare, sonder offers en klippilare, sonder efodbeeld en afgodsbeeldjies.

⁵Daarna sal die Israeliete hulle bekeer. Hulle sal vra na die wil van die Here hulle God, en hulle sal hulle koning Dawid aanhang. Hulle sal vol eerbied terugkom na die Here toe en na die oorvloed toe wat Hy in die toekoms sal skenk.

Hosea 4

Die priesters het die Here verlaat

¹Israeliete, luister na die woord van die Here, want Hy kla die inwoners van die land aan: Omdat trou, liefde en toewyding aan die wil van God in die land ontbreek,

²het vervloeking, valsheid, moord, diefstal en egbreuk hand oor hand toegeneem en is die vergieting van onskuldige bloed aan die orde van die dag.

³Dit is waarom die land verdor en al die inwoners van dors versmag saam met die wilde diere en die voëls, en waarom selfs die visse vrek.

⁴Niemand word ligtelik aangekla en tot verantwoording geroep nie, maar Ek gaan jǒú mense aankla, Priester!

⁵Jy gaan vandag nog tot 'n val kom en die profeet gaan vannag nog saam met jou tot 'n val kom en Ek gaan selfs jou moeder om die lewe bring.

⁶My volk gaan onder omdat hulle nie aan My toegewy is nie. Omdat jy jou taak om hulle aan My toe te wy, verwerp het, verwerp Ek jou as my priester. Omdat jy die wil van jou God verontagsaam het, verontagsaam Ek die priesters wat onder jou dien.

⁷Hoe meer priesters daar is, hoe meer sondig hulle teen My. Ek sal die aansien wat hulle geniet, in vernedering verander.

⁸Hulle teer op die sonde van my volk. Hulle smag daarna dat die volk nog meer moet sondig.

⁹Maar dit sal met die priesters gaan soos dit nou met die volk gaan. Ek sal die priesters straf vir hulle optrede. Wat hulle probeer doen, sal Ek in die teendeel verander:

¹⁰as hulle offervleis eet, sal hulle honger bly, en as hulle aan tempelprostitusie deelneem, sal hulle nie kinders hê nie. Omdat die priesters die Here verlaat het om hulle toe te lê op

¹¹tempelprostitusie, en omdat wyn en drank hulle lewe in beslag neem,

¹²soek my volk leiding by 'n stuk hout, verwag my volk dat 'n stok dinge aan hom bekend sal maak. Omdat 'n hoergees die priesters beetgepak het en hulle aan hulle God ontrou geword het,

¹³bring hulle offers op die bergtoppe en offer hulle op die heuwels onder al die groot groen bome waar daar lekker skaduwee is. Dit is waarom julle dogters hoereer en julle skoondogters egbreuk pleeg.

¹⁴Ek gaan nie julle dogters straf omdat hulle hoereer nie en julle skoondogters omdat hulle egbreuk pleeg nie, want daardie priesters is besig om met die hoere af te paar en saam met die tempelprostitute te offer! Maar dié wat nie op my waarskuwing ag slaan nie, sal vernietig word.

Israel is koppig

¹⁵As jy hoereer, Israel, moet Juda dit nie ook doen nie. Juda, julle moenie die heiligdom by Gilgal besoek en na Bet-Awen toe gaan nie, en julle moenie daar 'n eed aflê in die Naam van die Here nie.

¹⁶Israel is so koppig soos 'n moedswillige koei. Moet die Here hulle dan nou versorg soos 'n herder sy skape in die veld versorg?

¹⁷Efraim is verknog aan afgodsbeelde; laat hom maar sy gang gaan.

¹⁸Wanneer sy regeerders klaar gesuip het, hoereer hulle op groot skaal. Hulle het skande hartstogtelik lief.

¹⁹'n Stormwind het vir Efraim in sy mag, sodat hy in die skande sal kom oor sy offers.

Hosea 5

Teen die leiers en teen die volk

¹Luister hierna, priesters! Let op, leiers van Israel, gee aandag, koningshuis! Hierdie oordeelswoord is vir julle bedoel. Julle is die wip in Mispa, die oopgespreide vangnet op Tabor,

²die diep vanggat in Sittim. Maar Ek gaan julle almal straf.

³Ek ken Efraim en Ek weet wat in Israel aangaan. Omdat jy jou nou aan hoerery oorgegee het, Efraim, is Israel verontreinig.

⁴Hulle dade maak dit vir hulle onmoontlik om na hulle God toe terug te keer, want 'n hoergees het by hulle posgevat en hulle is nie meer aan die Here toegewy nie.

⁵Israel se hoogmoed getuig teen hom, en Israel en Efraim sal saam tot 'n val kom oor hulle sonde. Selfs Juda het saam met hulle tot 'n val gekom.

⁶Met offers van kleinvee en beeste sal hulle na die wil van die Here kom vra, maar hulle sal nie antwoord kry nie, omdat Hy Hom aan hulle onttrek het.

⁷Hulle was ontrou aan die Here, want hulle het buite-egtelike kinders verwek. Hy gaan hulle binnekort vernietig. Binne 'n maand gaan Hy hulle gesaaides verwoes.

Die volk soek hulp op die verkeerde plek

⁸Blaas die ramshoring in Gibeá, die trompet in Rama! Maak alarm in Bet-Awen! Benjamin is agter jóú aan, Efraim.

⁹Jy gaan verwoes word op die dag van afrekening. Ek maak aan die stamme van Israel bekend wat beslis gaan gebeur.

¹⁰Die leiers van Juda het beslag gelê op Israel se grond. Daarom het my toorn hulle soos 'n vloedgolf getref.

¹¹Efraim is verdruk; sy reg is hom ontnem, want hy het kant gekies vir iemand wat hom nie kon help nie.

¹²Ek was vir Efraim soos 'n gewas en vir Juda soos beentering.

¹³Toe Efraim agterkom dat hy siek is en Juda dat hy 'n sweer het, het Efraim gaan hulp soek by Assirië en 'n afvaardiging gestuur na koning Jareb toe. Maar hý kon julle nie gesond maak of die sweer uitsny nie.

¹⁴Ek is soos 'n leeu teenoor Efraim, soos 'n roofdier teenoor Juda. Dit is Ek wat verskeur en my koers gaan, wat wegdra sonder dat iemand dit kan keer.

Ek gaan My terugtrek

¹⁵Ek gaan My in my woonplek terugtrek totdat hulle hulle skuld bely en vra na my wil. In hulle nood sal hulle my hulp kom vra.

Hosea 6

¹“Kom ons gaan terug na die Here, want Hý het ons verskeur maar sal ons weer gesond maak, Hý het ons geslaan maar sal weer ons wonde verbind.

²Hy sal ons na twee dae 'n nuwe lewe laat begin. Hy sal ons op die derde dag weer krag gee sodat ons in sy teenwoordigheid kan leef.

³Kom ons wy ons aan Hom toe, kom ons streef daarna om ons aan die Here toe te wy. Die Here sal verskyn, so seker as die son opkom, Hy sal na ons toe kom soos stortreën, Hy sal ons verkwik soos lentereëns die grond verkwik.”

⁴Wat moet Ek met jou doen, Efraim? Wat moet Ek met jou doen, Juda? Julle liefde is soos 'n môrewolkie: dit verdwyn so vinnig soos dou.

⁵Dit is waarom Ek julle met my profete gestriem het, julle met my woorde vernietig het. My straf oor julle kom so seker soos die lig,

⁶want Ek verwag liefde eerder as offers, toewyding aan My eerder as brandoffers.

Julle het die verbond met My verbreek

⁷Julle het weer die verbond met My verbreek soos destyds by die dorp Adam; daar was julle ontrou aan My.

⁸Gilead is 'n dorp vol mense wat onreg doen, 'n plek met bloed bevlek.

⁹Die klomp priesters is niks anders as 'n rowerbende nie: hulle pleeg moord op die Sigempad, hulle tree soos skurke op.

¹⁰Ek het iets afstootliks in die koningshuis van Israel gesien: daar vind die hoerery van Efraim plaas, daar word Israel verontreinig.

¹¹Ook vir jóú, Juda, lê die tyd van afrekening voor.

Hosea 7

¹Terwyl Ek die lot van my volk wil verander, terwyl Ek bereid is om Israel te herstel, kom die oortreding van Efraim en die sonde van Samaria aan die lig. Hulle belieg mekaar, hulle breek in en steel, hulle beroof mekaar op straat.

²Hulle dink nie eens daaraan dat Ek al hulle sonde ken nie. Nou het hulle optrede hulle ingehaal, dit lê oop en bloot voor My.

Rebellie teen die koning

³Met hulle bouse optrede en met hulle slinkse planne stel hulle die koning en sy amptenare tevrede;

⁴hulle is die een so onbetroubaar soos die ander. Hulle is soos 'n oond wat aanhou smeul wanneer die bakker ophou stook terwyl hy die deeg knie en daarna wag dat dit moet rys:

⁵by die fees van die vorige koning het hulle sy amptenare papdrunk gemaak en was sy raadgewers onder die invloed van drank.

⁶Terwyl die rebelle die koning gehuldig het, het die verraad in hulle gesmeul soos 'n oond, deur die nag was hulle drif sluimerend, teen die môre het dit opgevlam.

⁷Hulle was almal soos 'n oond wat brand: so het hulle hulle regeerders verteer en het al hulle konings tot 'n val gekom. Maar nie een van hulle vra ooit na my wil nie.

Efraim vra nie na die wil van die Here nie

⁸Efraim is tussen die nasies, maar hy word self geknie. Efraim het soos 'n askoek geword wat verbrand het.

⁹Vreemdes het sy krag verteer, maar hy besef dit nie! Hy het muf geraak soos ou brood, maar hy besef dit nie.

¹⁰Israel se hoogmoed getuig teen hom. Hulle het nie teruggekeer na My, die Here hulle God, nie en het te midde van dit alles nie na my wil gevra nie.

¹¹Efraim het geword soos 'n duif: dom en sonder verstand. Hulle het vir Egipte gekoer, maar Assirië toe gevlieg.

¹²Maar elke keer as hulle daarheen gaan, sal Ek my vangnet oor hulle gooi; Ek sal hulle soos voëls neertrek, Ek sal hulle vastrek sodra Ek die gedruis van die swerm hoor.

¹³Ellende wag vir hulle omdat hulle van My af wegvlug! Daar wag teëspoed vir hulle omdat hulle teen My in opstand is! Ek was bereid om hulle te red, maar hulle lieg vir My.

¹⁴Toe hulle na My om hulp geroep het, het dit nie uit die hart gekom nie, want hulle lê op hulle beddens en kerm en sny hulleself stukkend ter wille van koring en wyn. Hulle verset hulle teen My

¹⁵alhoewel Ek hulle gewaarsku het. Toe Ek hulle gehelp het, het hulle opstand beplan teen My

¹⁶en hulp gesoek by wat nie kon help nie. Hulle het so nutteloos geword soos 'n slap boog. Hulle leiers sal met die swaard afgemaai word, hulle sal die slagoffers word van die vervloeking wat hulle oor hulleself uitgespreek het as hulle aan my verbond ongehoorsaam sou wees. En Egipte sal daaroor lag.

Hosea 8

My toorn het losgebreek teen Samaria

¹Maak alarm! Daar draai 'n roofvoël oor my huis! sê die Here. Israel het my verbond verbreek en hulle teen my wil verset.

²Hulle roep na My om hulp: “Ons is aan U toegewy, ons God! Ons is Israel.”

³Maar Israel het die goeie verwerp, daarom sal die vyand hom agtervolg.

⁴Hulle het hulle eie konings aangestel sonder my goedkeuring, hulle het leiers aangestel wat Ek nie erken nie. Hulle het vir hulleself afgodsbeelde gemaak van hulle silwer en goud, maar dit sal vernietig word.

⁵Samaria, jou goue kalf is afstootlik! My toorn het losgebreek teen Samaria. Hoe lank sal hulle voortgaan om onrein te bly

⁶as hulle dan deel is van Israel? En daardie ding, dit is deur 'n ambagsman gemaak, dit is nie 'n god nie! Van die kalf van Samaria sal daar net splinters oorbly.

⁷As mense wind saai, sal hulle 'n storm oes. As koring nie are skiet nie, kan dit geen oes lewer nie. As dit miskien tog iets sou oplewer, gaan vreemdes dit insluk.

⁸Israel is klaar ingesluk. In die oë van die nasies het hulle nou geword soos 'n ding wat niemand wil hê nie.

⁹En tog het die leiers by Assirië gaan hulp soek. Efraim is soos 'n eensame wildedonkie; hy het vir homself vriende gaan soek.

¹⁰Maar al sou hy ook vriende maak onder die nasies, sou dit niks baat nie, want Ek gaan hulle nou bymekaarjaag, en binnekort sal hulle soos donkies swaar dra aan die las van die koning van Assirië.

¹¹Toe Efraim meer altare gebou het om sondeoffers te bring, het dit juis vir hom altare geword om op te sondig.

¹²Al sou Ek ook self vir hom ontelbare afskrifte van my wet gee, dit bly vir hom die wet van 'n onbekende.

¹³Hulle bring offers om hulle self te bevredig, hulle bring vleis sodat hulle dit self kan eet! Sulke offers is nie vir My, die Here, aanneemlik nie. Ek gaan Efraim se sonde teen hulle hou en hulle laat boet vir hulle oortredings: Efraim sal na Egipte toe moet teruggaan.

¹⁴Toe Israel sy Maker vergeet het, het Israel paleise begin bou, en Juda het meer vestingstede opgerig. Maar Ek sal in hulle stede 'n vuur laat losbreek en dit sal hulle mooi huise afbrand.

Hosea 9

Die tyd van afrekening het gekom

¹Staak jou feeste, Israel! Hou op om fees te vier soos die ander nasies! Jy was ontrou aan jou God. Jy was daarop uit om met jou tempelprostitusie op elke plek waar koring gedors word, groter oeste te probeer kry.

²Maar die dorsvloer en parskuip sal julle nie voed nie, en geen wyn sal daar uitgetrap word nie.

³Julle sal nie in die land van die Here bly nie, Efraim sal na Egipte toe teruggaan, en in Assirië sal hulle onrein kos moet eet.

⁴Hulle sal nie wyn uitgiet as drankoffers vir die Here nie, hulle sal geen offers aan Hom bring nie. Hulle kos sal so onrein wees soos kos uit 'n sterfhuis. Almal wat dit eet, sal onrein word, want hulle sal dit moet eet sonder dat dit in die huis van die Here gewy is.

⁵Hoe gaan julle die feestyd, die groot fees van die Here deurbring?

⁶Dié wat die verwoesting ontvlug, sal in Egipte bymekaargemaak en in Memfis begrawe word. Waar hulle silwerskatte begrawe lê, en in hulle woonplekke, sal onkruid en dorings groei.

⁷Die tyd van straf het aangebreek! Die tyd van afrekening het gekom! Israel sal dit besef.

Die profeet is deur God gestuur

Is die profeet dwaas? Is die man wat deur die Gees in besit geneem is, waansinnig? Hy is so omdat jou sonde so groot is en omdat jy so vyandig is teen hom.

⁸Die profeet is deur God gestuur om oor Efraim wag te hou, maar oral waar die profeet gaan, probeer hulle hom vastrek. Die vyandigheid hou nie eens in die huis van sy God op nie.

⁹Net soos in die tyd van Gibeon is daar nie 'n einde aan hulle slegte daade nie. Die Here sal hulle sonde teen hulle hou, Hy gaan hulle laat boet vir hulle oortredings.

Hulle sal swerweling word onder die nasies

¹⁰Israel was vir My soos druiwe waarop 'n mens in die woestyn afkom. Ek het in julle voorouers die belofte gesien wat die heel eerste vrug aan 'n jong vyboom inhou. Maar hulle het na Baäl-Peor toe gegaan en hulle verbind aan 'n god wat vir hulle in die steek laat, en hulle het net so afstootlik geword soos die ding wat deur hulle vereer is.

¹¹Soos 'n voël wegvlieg, so sal Efraim se mag verdwyn: daar sal geen geboortes, geen swangerskappe en geen bevrugtings meer wees nie.

¹²En as hulle die kinders wat hulle reeds het, probeer grootmaak, sal Ek hulle heeltemal kinderloos maak, daar sal geen kind oorbly nie. Daar wag vir hulle ook ellende wanneer Ek hulle verlaat.

¹³Efraim was vir My soos 'n jong palmboom wat in vrugbare grond groei. Maar dieselfde Efraim sal sy kinders moet uitlewer aan die moordenaar!

¹⁴Gee aan hulle, Here, wat U wil, gee hulle kinderlose baarmoeders en borste sonder melk.

¹⁵Al hulle boosheid het by Gilgal begin. Ja, daar het Ek hulle al gehaat oor hulle goddelose dade. Ek sal hulle uit my huis wegjaag, Ek sal hulle nie meer liefhê nie. Al hulle leiers is in opstand teen My.

¹⁶Efraim is dodelik getref. Sy wortels het verdroog, hy kan nie meer enige vrugte dra nie. Ook al bring Efraim kinders in die wêreld, sal Ek die kinders laat sterf vir wie hulle so lief is.

¹⁷My God het hulle verwerp omdat hulle nie na Hom geluister het nie: hulle sal swerweling word onder die nasies.

Hosea 10

Israel is vals

¹Israel was 'n welige wingerdstok. Sy vrugte was geil. Hoe meer vrugte hy gedra het, hoe beter is daar vir die altare gesorg. Hoe beter dit met die land gegaan het, hoe mooier is die klippilare gemaak.

²Hulle is vals wanneer hulle hulle sonde bely. Maar die Here sal hulle altare afbreek, Hy sal hulle klippilare verwoes.

³Hulle sê: “Ons het nie 'n koning nie, want ons het nie die Here gedien nie. Maar wat sou 'n koning in elk geval vir ons kon doen? ”

⁴Hulle praat net, hulle maak vals beloftes, hulle sluit verdrae. En intussen is hulle regspraak soos gifplante wat in die vore langs die land groei.

⁵Die inwoners van Samaria is bekommerd oor die goue kalf van Bet-Awen. Sy vereerders treur oor hom en sy priesters kerm oor hom. Hulle kerm oor sy rykdom wat van hom weggeneem is.

⁶Maar hy gaan self ook nog na Assirië toe gevat word as 'n geskenk vir koning Jareb. Efraim sal teleurgestel word, Israel sal daar bedroë van afkom met sy planne en al.

⁷Wanneer Samaria verwoes word, sal sy koning meegesleur word soos 'n stuk dryfhout op die water.

⁸Die hoogtes waar Israel gesondig en oortree het, sal woes word. Dorings en bossies sal groei waar die altare gestaan het. Dan sal Israel vir die berge sê: “Val ons toe!” en vir die heuwels: “Val op ons!”

⁹Die sonde van Israel kom uit die tyd van Gibeā. Hulle het daarmee volhard. Die oorlog teen hierdie opstandige volk sal hulle in Gibeā tref.

¹⁰Ek het besluit Ek sal hulle straf. Die nasies sal teen hulle versamel word omdat hulle met hulle twee groot sondes volhard het.

¹¹Efraim was 'n mak vers wat daarvan gehou het om graan uit te trap. Toe Ek sien dat sy reeds sterk genoeg is, wou Ek haar inspan. Juda sou ploeg en Jakob sou eg.

¹²Ek het gesê: “Saai volgens my wil, en julle sal my liefde oes. Ploeg vir julle 'n nuwe land! Dit is nou die tyd om na my wil te vra sodat Ek kan kom en weldade oor julle uitgiet.”

¹³Maar julle het sonde ingeploeg en julle het vyandskap geoes. Julle het die vrug van julle valsheid geëet. Omdat jy vertrou op jou eie planne en op jou baie soldate,

¹⁴sal oorlog teen jou volk losbreek en sal al jou vestingstede verwoes word. Soos Salman vir Bet-Arbel verwoes het toe moeders en kinders saam in die veldslag verpletter is,

¹⁵so sal hy met julle maak in Bet-El oor julle afskuwelike sonde. Met die eerste lig sal die koning van Israel al dood wees.

Hosea 11

My liefde brand te sterk

¹Toe Israel nog 'n kind was, het Ek hom al liefgehad, en Ek het hom, my seun, uit Egipte geroep.

²Maar toe die Baäls hulle roep, het Israel My verlaat en vir die Baäls gaan offer, vir afgodsbeelde offers gebring.

³Ek self het Efraim leer loop, Ek het hulle op my arms gedra, maar hulle wou nie erken dat dit Ek is wat vir hulle sorg nie.

⁴Ek het hulle met sorg en liefde gelei, Ek was vir hulle soos iemand wat die juk oplig as dit sy trekdier skaaf. Ek het na Efraim toe afgebuk en hom gereeld kos gegee,

⁵want Ek wou nie hê dat hy weer na Egipte toe moet teruggaan nie of dat Assirië oor hom moet heers nie. Maar Efraim het geweier om hom te bekeer.

⁶Daarom sal sy stede deur oorlog verwoes word en sy waarsêers uitgeroei word. Hulle sal deur die oorlog verteer word oor die raad wat hulle gegee het.

⁷Omdat my volk My verlaat het, sal party van hulle opgehang word en die ander sal die slawejuk moet dra, 'n juk wat nie afgegooi sal word nie!

⁸Maar hoe kan Ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan Ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan Ek jou vernietig soos Adma, met jou maak soos met Sebojim? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.

⁹Ek sal my gloeiende toorn bedwing, Ek sal nie so ver gaan en Efraim uitwis nie, want Ek is God, nie 'n mens nie. Ek is die Heilige wat by jou is, Ek sal nie met woede ingryp nie.

¹⁰Hulle sal die Here volg! Hy sal brul soos 'n leeu en wanneer Hy brul, sal sy kinders vol ontsag uit die weste kom.

¹¹Vol ontsag sal hulle soos voëls uit Egipte vlieg en soos duiwe uit Assirië. Ek sal hulle na hulle neste toe terugbring, sê die Here.

Hosea 12

Israel moet die Here liefhê

¹Efraim bedrieg My, Israel is vals teenoor My, Juda is nog altyd wispelturig in sy diens aan My, maar hy is getrou aan die afgode.

²Efraim hou hom op met wind, hy is aldag agter die oostewind aan. Hy hou aan met lieg en om sy eie ondergang te bewerk. Hy sluit 'n verbond met Assirië, maar stuur olie na Egipte toe.

³Die Here het 'n saak teen Juda, Hy gaan Jakob straf vir sy daade, hom laat boet vir wat hy gedoen het.

⁴Nog voor sy geboorte het hy al sy broer onderkruip en as volwasse man het hy met God gestoei.

⁵Jakob het met 'n Engel gestoei en gewen. Jakob het gehuil en van God hulp verwag: “By Bet-El sal Hy ons ontmoet, daar sal Hy met ons praat.

⁶Die Here is die almagtige God, die Here sal onthou.”

⁷Wat jy moet doen, is om na jou God toe terug te keer: jy moet Hom liefhê en sy bevele gehoorsaam, jy moet jou hoop altyd op jou God vestig.

⁸Efraim is 'n skelm handelaar: hy buit graag mense uit.

⁹En dan sê hy: “Ek is ryk, ek het myself ryk gemaak. Terwyl ek my besittings bymekaargemaak het, het ek niks gedoen wat verkeerd is nie.”

¹⁰Maar Ek is die Here jou God van Egipte se tyd af. Ek gaan jou weer in tente laat woon soos in die woestyntyd.

¹¹Ek het nog altyd met die profete gepraat, Ek het hulle baie visioene laat sien, Ek het deur die profete in gelykenisse gepraat.

¹²Gilead was ook ryk, maar hy het heeltemal tot niet gegaan. Daar is bulle geoffer in Gilgal, maar dit sal nie verhoed dat ook hulle altare soos kliphope langs die lande word nie.

¹³Onthou Jakob moes na Aram toe vlug. Israel moes slawediens doen om vrouens te kry: omdat hy vrouens wou hê, moes hy skape oppas.

¹⁴Deur die diens van 'n profeet het Ek, die Here, vir Israel uit Egipte gelei, deur 'n profeet is hulle opgepas.

¹⁵Maar Efraim het My aangehou tart en verdien die dood. Ek sal hom straf vir sy skandelige gedrag.

Hosea 13

¹Daar was 'n tyd toe Efraim met gesag gepraat het, hy was die onbetwisbare leier in Israel. Maar hy het hom skuldig gemaak met Baäl en dit het vir hom die dood gebring.

²En nou hou hulle maar aan met sondig: hulle het vir hulle beelde gemaak, afgodsbeelde van silwer na eie smaak. Maar dit bly die handewerk van ambagsmanne! Van hierdie beelde sê hulle: “As 'n mens wil offer, moet jy hierdie kalwers soen.”

³Daarom sal hulle so vinnig verdwyn soos 'n môrewolkie, soos dou. Hulle sal weggewaai word soos kaf van 'n dorsvloer af, soos rook uit 'n skoorsteen.

⁴Ek is die Here jou God van die tyd van Egipte af. Jy het geen ander god geken nie en jy het geen ander redder gehad nie.

⁵Dit is Ek wat jou in die woestyn, in 'n dor land versorg het.

⁶Maar toe hulle by goeie weiding gebring is, het hulle hulle vol geëet, en toe hulle vol geëet was, het hulle hoogmoedig geword. Daarom het hulle My vergeet.

⁷Toe het Ek vir hulle geword soos 'n leeu, soos 'n luiperd wat vir hulle langs die pad voorlê.

⁸Ek sal hulle aanval soos 'n beerwyfie wie se kleintjies afgeneem is. Ek sal hulle borskaste oopskeur. Soos 'n leeu sal Ek hulle daar verslind. Roofdiere sal hulle uitmekaarskeur.

⁹Ek het jou vernietig, Israel, Ek wat jou eers gehelp het.

¹⁰Waar is jou koning dan nou? Laat hy jou help in al jou stede! Waar is jou regeerders van wie jy gesê het: “Gee vir my 'n koning en amptenare”?

¹¹Ek gee vir jou 'n koning in my toorn en Ek vat hom weg in my woede!

Samaria sal boet

¹²Efraim se skuld is opgeskryf, sy sonde staan aangeteken.

¹³Toe die tyd vir sy geboorte gekom het, het hy nie die verstand gehad om op die regte oomblik gereed te wees vir die geboorte nie.

¹⁴Moet Ek hom red uit die mag van die dood? Moet Ek hom verlos uit die doderyk? Kom met jou peste, dood! Kom met jou plaë, doderyk! Ek sal vir Efraim nie jammer kry nie.

¹⁵Al floreer Efraim ook soos 'n blom tussen die riete, die oostewind sal losbreek, 'n storm van die Here sal uit die woestyn kom en Efraim se waterbron sal opdroog, sy fontein sal gaan staan. Die storm sal al sy skatte en voorrade vernietig.

Hosea 14

¹Samaria sal boet, want hy is in opstand teen sy God. Die mans sal met die swaard doodgesteek word, die klein kindertjies sal verpletter word en die swanger vrouens sal oopgesny word.

Ek sal hulle ontrou genees

²Keer terug na die Here jou God, Israel, want jy het geval deur jou sonde.

³Bely julle sonde en kom terug na die Here toe. Sê vir Hom: “Vergewe tog al ons sonde en neem ons belydenis aan. Ons bely teenoor U:

⁴Assirië hou vir ons niks goeds in nie. Ons sal ons nie meer op wapens verlaat nie. Ons sal ook nie meer vir ons eie handewerk sê: ‘Ons god’ nie. By U alleen is daar liefde vir 'n weeskind.”

⁵Ek sal hulle ontrou genees. Ek sal hulle van harte liefhê. Wanneer my toorn van hom afgewend is,

⁶sal Ek vir Israel wees soos die dou. Hy sal bloei soos 'n lelie en hy sal so vas staan soos die Libanon.

⁷Hy sal geil groei. Hy sal so sterk wees soos 'n olyfboom en hy sal ruik soos die plante van Libanon.

⁸Dié wat voorheen by die Libanon gewoon het, sal terugkom. Hulle sal weer koring verbou. Hulle sal welig groei soos 'n wingerdstok. Die roem van Israel sal wees soos die wyn van die Libanon.

⁹Efraim, Ek wil niks te maak hê met afgodsbeelde nie. Ek het jou verneder, maar Ek sal jou weer onder my sorg neem. Ek is soos 'n groen sipres. Alles wat jy het, sal van My af kom.

Naskrif

¹⁰Wie wysheid het, sal op hierdie woorde ag slaan. Wie verstandig is, sal dit ter harte neem, want wat die Here doen, is reg. Die regverdiges lewe daarvolgens, en die opstandiges kom daardeur tot 'n val.

Joël

Joël 1

Die dag van die Here is 'n dag van verwoesting

- ¹Dit is die woord van die Here wat gekom het tot Joël seun van Petuel:
- ²Luister hierna, leiers van die volk, gee aandag, al die inwoners van die land! Het so iets al in julle tyd gebeur of in dié van julle voorvaders?
- ³Vertel dit aan julle kinders, en laat hulle dit weer aan hulle kinders vertel, en dié weer aan hulle nageslag!
- ⁴Wat nie deur die eerste sprinkaanswerm opgevrete word nie, word deur 'n volgende opgevrete; wat nie deur dié opgevrete word nie, deur 'n derde, en wat nie deur dié opgevrete word nie, deur 'n vierde.
- ⁵Word nugter, dronkaards, en huil; kla oor die wyn wat julle nie meer sal kry nie, al julle wynsuipers!
- ⁶'n Volk trek op teen my land; die volk is sterk en sonder getal; sy tande is soos dié van 'n leeu, sy kakebene soos dié van 'n leeumannetjie.
- ⁷Hy het my wingerd verwoes, my vyeboom afgebreek, dit kaalgestroop en laat lê; die lote se bas is afgevrete.
- ⁸Julle moet rou soos 'n bruid rou oor haar bruidegom.
- ⁹Die graanoffer en die drankoffer is weggeneem uit die huis van die Here. Die priesters wat in die diens van die Here staan, treur.
- ¹⁰Die weiding is weggevrete, die veld treur. Die koringoes is weggevrete, van die wyn het daar niks gekom nie; die olyfolie het verdwyn.
- ¹¹Julle moet verslae staan, saaiboere, oor die koring en die gars, want die oes op die land is tot niet. Kla, vrugteboere,
- ¹²die wingerd het verdor; die vyeboom staan verdroog, die granaat, die dadel en die appel, ja, al die bome in die boord het verdor. Daar het 'n einde gekom aan die vreugde van die mense.

¹³Trek rouklere aan, treur, priesters! Kerm, julle wat diens doen by die altaar! Dra julle rouklere selfs snags, julle wat in die diens van my God is: die graanoffer en die drankoffer is weggeneem uit die huis van julle God.

¹⁴Bepaal 'n vasdag, roep die gemeente bymekaar, bring die leiers en al die inwoners van die land na die huis van die Here julle God toe. Roep tot die Here!

¹⁵Die vreeslike dag! Die dag van die Here is naby: dit is 'n dag van verwoesting, dit kom van die Almagtige af.

¹⁶Voor ons oë is ons kos weggevat; blydschap en gejuig het uit die huis van ons God verdwyn.

¹⁷Die saad lê verskrompel onder die kluite, die graanskure lê verlate, die skure lê afgebreek, want die koringoes het misluk.

¹⁸Die vee bulk en blêr: die troppe beeste dwaal rond, want hulle het niks om te vreet nie, ook die kleinveetroppe kry swaar.

¹⁹Ek roep tot U, Here, want 'n vuur het die weiveld verteer, 'n brand het al die bome in die veld weggebrand.

²⁰Die diere in die veld wag op uitkoms van U af, want die spruite het opgedroog, 'n vuur het die weiveld verteer.

Joël 2

Die dag van die Here is 'n dag van donkerte

¹Blaas die ramshoring in Sion, roep hard op my heilige berg. Al die inwoners van die land sal bewe, want die dag van die Here kom, dit is naby:

²dié stikdonker dag, die dag van donker wolke waarop die groot sterk nasie oor die berge uitsprei soos die lig van die dagbreek uitsprei. Só 'n sterk nasie was daar nog nooit en sal daar nooit weer wees nie, selfs nie in die verste toekoms nie.

³Die leër se voorhoede is 'n vuur wat verteer, sy agterhoede 'n vlam wat brand. Voor die koms van die sprinkaanswerm is die veld soos die tuin van Eden; as hy verby is, is dit 'n onbewoonbare woestyn. Hy laat niks oorbly nie.

⁴Sy manskappe lyk soos perde, hulle galop soos ryperde.

⁵Op die bergtoppe dreun hulle soos strydwaens, knetter hulle soos die vuur van 'n grasbrand wanneer dit strooi verbrand, rumoer hulle soos 'n groot leër wat klaarmaak om te veg.

⁶Voor hulle bewe die nasies, almal word wit van angs.

⁷Hulle storm vorentoe soos dapper soldate, hulle klim oor die stadsmure. Elkeen gaan reg vorentoe, hulle verander nie van rigting nie.

⁸Die een stamp nie teen die ander nie; elkeen bly op sy pad. Hoe hulle ook sneuwel voor die verdediging, hulle raak nie van koers af nie.

⁹Hulle oorval die stad, hulle hardloop oor die mure, hulle storm die huise binne, soos diewe klim hulle deur die vensters.

¹⁰Die aarde skrik vir hulle, die hemel bewe; die son en die maan word donker, die sterre verloor hulle glans.

¹¹Die Here laat sy stem weerklink voor sy leërmag uit. Sy leër is ontsaglik groot, dié wat die Here se bevel uitvoer, is sterk. Die dag van die Here is 'n groot dag, 'n verskriklike dag; wie is daarteen bestand?

Kom terug na My toe!

¹²Maar nou sê die Here: Kom met julle hele hart terug na My toe, vas, huil en treur!

¹³Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om straf te herroep.

¹⁴Wie weet of Hy nie die straf sal herroep nie; of Hy nie weer voorspoed sal gee nie sodat daar weer graan- en drankoffers sal wees vir die Here julle God!

¹⁵Blaas die ramshoring in Sion, bepaal 'n dag om te vas, roep die gemeente bymekaar.

¹⁶Roep die volk op, reinig die gemeente, laat die leiers bymekaarkom, bring die kinders bymekaar, selfs dié wat nog drink. Die bruidegom moet uit sy kamer uitkom, die bruid uit haar wittebroodskamer.

¹⁷Die priesters wat in die diens van die Here staan, moet tussen die voorportaal en die altaar gaan staan en huil, hulle moet sê: “Betoon medelye met u volk, Here, moenie die volk wat aan U behoort, tot 'n bespotting maak, sodat die nasies met hulle sal spot nie. Waarom moet daar onder die volke gevra word: Waar is Israel se God? ”

Die Here betoon medelye met sy volk

¹⁸Die Here het vir sy land opgekom, Hy het medelye betoon met sy volk.

¹⁹Die Here het sy volk geantwoord: Ek stuur vir julle koring en wyn en olie. Julle sal oorgenoeg hê. Ek sal julle nie weer tot 'n bespotting onder die nasies maak nie.

²⁰Hierdie vyand uit die noorde sal Ek wegvat van julle af, Ek sal hom wegjaag na 'n droë en verwoeste land toe, sy voorpunt sal in die Dooie See beland en sy agterhoede in die Middellandse See. Sy stank sal opstyg, sy slegte reuk sal versprei, want hy het hom groot gehou.

²¹Jy moenie bang wees nie, ploegland, jy moet bly wees en juig, want die Here het 'n wonder gedoen.

²²Julle moenie bang wees nie, vee in die veld, want die weiveld word groen, die bome dra vrugte, die vyeboom en die wingerd staan in volle drag.

²³Inwoners van Sion, julle moet bly wees en juig tot eer van die Here julle God, want Hy het die reëns betyds laat kom, Hy het die vroeë en die laat reën soos voorheen gegee.

²⁴Die dorsvloer lê vol koring, die parskuipe loop oor van wyn en olie.

²⁵Ek sal julle vergoed vir die tyd van sprinkaanswerm op sprinkaanswerm toe my groot leer wat Ek teen julle gestuur het, julle verteer het.

²⁶Julle sal oorgenoeg hê om te eet, julle sal die Naam van die Here julle God prys, Hy wat wonders vir julle gedoen het. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

²⁷Dan sal julle besef dat Ek by Israel is, dat Ek die Here julle God is, dat daar buiten My nie 'n ander is nie. My volk sal nooit weer in die skande kom nie.

²⁸Wanneer dit alles gebeur het, sal Ek my Gees laat kom op al die mense, julle seuns en julle dogters sal as profete optree, julle oumense sal drome droom, julle jong mans sal visioene sien.

²⁹In daardie tyd sal Ek my Gees laat kom selfs op dié wat nie in aansien is nie.

³⁰Ek sal tekens gee, in die hemel en op die aarde: bloed, vuur en rookwolke.

³¹Die son sal donker word, die maan bloedrooi en dan sal die groot, die vreeslike dag van die Here kom.

³²Elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word. Op Sionsberg en in Jerusalem sal daar uitkoms wees. So het die Here beloof. Dié wat deur die Here geroep is, is by dié wat gered is.

Joël 3

Die nasies word gestraf

¹⁻²In daardie tyd sal Ek al die nasies bymekaarmaak; dit is die tyd wanneer Ek die lot van Juda en Jerusalem sal verander. Dan sal Ek die nasies in die Josafatlaagte afbring en daar sal Ek hulle straf omdat hulle my volk, Israel wat aan My behoort, onder die nasies verstrooi het en my land vir hulle gevat het.

³Ek sal hulle straf omdat hulle lootjies getrek het oor my volk, omdat hulle 'n jong seun gegee het in ruil vir 'n hoer en jong meisies verkoop het vir wyn om te drink.

⁴En julle, Tirus en Sidon en die hele gebied van die Filistyne, wat is julle vir My? Wil julle julle op My wreek vir wat julle aangedoen is? As julle julle op My wil wreek, sal Ek gou optree en julle dade op julle eie kop laat afkom.

⁵Julle het my silwer en my goud gevat, julle het my kosbare skatte in julle tempels gebring.

⁶Julle het die mense van Juda en Jerusalem in Griekeland gaan verkoop, julle het hulle ver weg uit hulle gebied uit weggevat,

⁷maar Ek sal hulle laat uitbreek uit daardie plek uit, die plek waarnatoe julle hulle verkoop het, en dan sal Ek julle dade op julle eie kop laat afkom.

⁸Ek sal julle seuns en dogters verkoop aan die mense van Juda, en hulle sal julle kinders verkoop aan die mense van Skeba, 'n nasie wat ver van hier af is. Die Here het dit gesê.

⁹Sê vir die nasies: “Maak julle klaar vir 'n oorlog, roep julle dapper manne op! Al julle soldate moet opruk en nader storm.

¹⁰Maak swaarde van julle ploegskare, en spiese van julle snoeiskêre. Selfs die swakke moet sê: ‘Ek is 'n dapper soldaat!’

¹¹Maak gou en kom, al julle nasies van die omgewing.” Laat hulle bymekaarkom, en bring u leërmag af daarheen, Here!

¹²Die nasies moet aanstorm en opruk na die Josafatlaagte toe, want dáár sal Ek sit om al die nasies van die omgewing te straf.

¹³Hulle sondes is baie: steek die sekel in, want die oes is ryp, kom trap, die parskuip is vol, die wynkuipe loop oor.

¹⁴Daar is mense en nogmaals mense in die beslissingslaagte, want naby is die dag waarop die Here sal straf in die beslissingslaagte.

¹⁵Die son en die maan sal donker word, die sterre sal nie meer skyn nie.

¹⁶Die Here sal uit Sion brul, Hy sal sy stem uit Jerusalem laat hoor, en hemel en aarde sal bewe. Die Here is 'n toevlug vir sy volk, 'n veilige vesting vir die Israeliete.

¹⁷Dan sal julle besef dat Ek, die Here, julle God is. Ek woon op Sion, my heilige berg. Dan sal Jerusalem heilig wees, vreemde nasies sal nie meer daardeur trek nie.

¹⁸Daardie dag sal daar volop wyn wees op die berge, oorvloed melk op die heuwels. In al die slote van Juda sal daar water loop, 'n fontein sal uit die huis van die Here borrel en die Sittimdal natlei.

¹⁹Egipte sal van droogte vergaan, Edom sal 'n onbewoonbare woestyn word, want hulle het die mense van Juda wreed behandel en onskuldige bloed vergiet in hulle land.

²⁰Maar Juda sal sonder ophou bewoon word en Jerusalem vir altyd.

²¹Ek sal my volk se sonde vergewe, die sonde wat Ek nog nie vergewe het nie, en Ek, die Here, sal op Sion woon.

Amos

Amos 1

Opskrif

¹Die woorde van Amos, 'n skaapboer uit Tekoa. Hy het oor Israel 'n gesig gesien tydens die regering van koning Ussia van Juda en koning Jerobeam van Israel, seun van Joas. Dit het twee jaar voor die aardbewing gebeur.

²Amos het gesê: Wanneer die Here uit Sion brul, wanneer Hy sy stem uit Jerusalem laat hoor, verdor die weivelde van die herders en verdroog die top van Karmelberg.

Teen Damaskus

³So sê die Here: Selfs as Damaskus net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het vir Gilead met skerp ysters gemartel.

⁴Daarom sal Ek in die paleis van Gasael 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi huise van Ben-Hadad verteer.

⁵Ek sal die grendels van Damaskus stukkend breek, die inwoners van Bikat-Awen en die regeerder van Bet-Eden uitroei. Die Arameërs sal in ballingskap na Kir toe weggevoer word, sê die Here.

Teen die Filistyne

⁶So sê die Here: Selfs as Gasa net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het mense voor die voet as ballinge weggevoer en aan Edom uitgelewer.

⁷Daarom sal Ek binne die mure van Gasa 'n vuur laat losbreek en dit sal sy mooi huise verteer.

⁸Ek sal die inwoners van Asdod en die regeerder van Askelon uitroei. Ek sal my hand teen Ekron ophig, en die Filistyne wat nog oor is, sal omkom, sê die Here my God.

Teen Tirus

⁹So sê die Here: Selfs as Tirus net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het mense voor die voet as ballinge aan Edom uitgelewer en nie aan die ooreenkoms met sy bondgenote gedink nie.

¹⁰Daarom sal Ek binne die mure van Tirus 'n vuur laat losbreek en dit sal sy mooi huise verteer.

Teen Edom

¹¹So sê die Here: Selfs as Edom net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het die Israeliete, sy broers, agtervolg met die swaard en die broederliefde verloën, hy het hulle in sy toorn verskeur, sy woede het bly kook.

¹²Daarom sal Ek in Teman 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi huise van Bosra verteer.

Teen die Ammoniete

¹³So sê die Here: Selfs as die Ammoniete net drie keer sonde gedoen het, sou Ek hulle straf nie herroep het nie. Maar nou het hulle 'n vierde sonde daarby gevoeg: hulle het swanger vrouens in Gilead oopgesny en hulle eie gebied uitgebrei.

¹⁴Daarom sal Ek binne die mure van Rabba 'n vuur aansteek en dit sal sy mooi huise verteer. Dié dag sal daar geskreeu word en sal daar oorlog wees, 'n storm, 'n orkaan.

¹⁵Hulle koning sal in ballingskap weggevoer word, hy en sy amptenare saam met hom, sê die Here.

Amos 2

Teen Moab

¹So sê die Here: Selfs as Moab net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het die bene van Edom se koning tot kalk verbrand.

²Daarom sal Ek in Moab 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi huise van Kerijot verteer. Moab sal omkom onder oorlogsrumoer, onder die blaas van die ramshoring.

³Ek sal sy regeerder uit hom wegvat en al sy amptenare saam met hom doodmaak, sê die Here.

Teen Juda

⁴So sê die Here: Selfs as Juda net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hulle het die wet van die Here verwerp, hulle nie aan sy voorskrifte gehou nie en toe het die vals gode hulle verlei, die afgode agter wie hulle voorvaders aangeloop het.

⁵Daarom sal Ek in Juda 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi huise van Jerusalem verteer.

Teen Israel

⁶So sê die Here: Selfs as Israel net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy nog sondes daarby gevoeg: hulle verkoop onskuldige mense vir geld, arm mense oor 'n paar sandale;

⁷hulle trap swakkes se koppe plat in die grond en veronreg dié wat hulleself nie kan verweer nie; pa en seun kuier by dieselfde meisie en doen my heilige Naam oneer aan;

⁸langs elke altaar strek die Israeliete hulle uit op klere wat as pand gevat is; in die huis van hulle God drink hulle die wyn van dié wat uitgebuit is.

⁹Ek het die Amoriëte wat hoog soos seders is, sterk soos eike, uitgeroei om vir julle plek te maak, Israeliete!

¹⁰Ek het julle uit Egipte laat trek, Ek het julle veertig jaar lank in die woestyn gelei, Ek het julle die land van die Amoriëte in besit laat neem,

¹¹Ek het van julle seuns as profete laat optree en van julle jongmanne as nasireërs. Is dit nie so nie, Israeliete? vra die Here.

¹²Maar julle het die nasireërs laat wyn drink en die profete belet om as profete op te tree.

¹³Daarom laat ek julle vasval net waar julle is soos 'n wa vasval wat te volgerwe is.

¹⁴Die vinnige sal nie kan vlug nie, die sterke se krag sal hom niks baat nie, die dapper soldaat sal homself nie kan red nie.

¹⁵Wie met pyl en boog veg, sal nie kan weerstand bied nie, die vinnige sal nie kan weghardloop nie, die ruiter sal homself nie kan red nie.

¹⁶Selfs die sterkste soldaat sal daardie dag kaal wegvlug, sê die Here.

Amos 3

Die Here God het gepraat

¹Luister na die woord wat die Here teen julle rig, Israeliete, teen al die stamme wat Hy uit Egipte laat trek het:

²Ek het net vir julle uitgekies uit al die volke van die aarde, daarom sal Ek julle straf oor al julle sondes.

³Sal twee saamloop as hulle dit nie afgespreek het nie?

⁴Sal 'n leeu in die bos brul as hy niks het om te vreet nie? Sal hy in sy boerplek roep as hy nie gevang het nie?

⁵Sal 'n voël in 'n wip op die grond val as daar nie 'n strik vir hom gestel is nie? Sal 'n wip op die grond toeklap as dit nie iets gevang het nie?

⁶Sal daar in 'n stad op 'n ramshoring geblaas word as die inwoners nie geskrik het nie? Sal daar 'n ramp oor 'n stad kom as die Here dit nie gebring het nie?

⁷Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie.

⁸Die leeu het gebrul, wie sal nie bang wees nie? Die Here God het gepraat, wie sal nie as profeet optree nie?

Hulle weet nie hoe om reg te doen nie

⁹Maak dit bekend in die mooi huise in Asdod, in die mooi huise in Egipte, sê vir die mense daarin: Kom bymekaar op die Samariaberge, kyk na die groot verwarring in Samaria, die verdrukking daarbinne.

¹⁰Hulle wat geweld en verwoesting in hulle mooi huise herberg, weet nie hoe om reg te doen nie, sê die Here.

¹¹Daarom, so sê die Here my God: 'n Vyand sal die land inneem, hy sal jou vesting bo-op jou afbreek, jou mooi huise kaalstroop.

¹²So sê die Here: Soos 'n skaapwagter twee pootjies of 'n stukkies oor weggryp uit 'n leeu se bek, so sal die Israeliete weggegryp word, hulle wat in Samaria op rusbanke sit, op oorgetrekte gemakstoele!

¹³Luister hierna, en lê getuienis af teen Jakob, sê die Here my God, die almagtige God!

¹⁴Die dag as Ek Israel oor sy sondes straf, sal Ek die altare van Bet-El verwoes; die horings van sy altare sal afgebreek word en op die grond val.

¹⁵Ek sal die winterhuis platslaan saam met die somerhuis, die huise met ivoorinleg sal vergaan, baie huise sal verdwyn, sê die Here.

Amos 4

¹Luister na hierdie woord, vrouens wat op Samariaberg lekker lewe, lewe soos die koeie van Basan, julle deur wie die swakkes verdruk en die armes mishandel word, julle wat vir julle mans sê: “Bring wyn dat ons kan drink!”

²Die Here my God wat heilig is, het 'n eed afgelê: Pas op, daar kom dae oor julle dat julle met hake opgetel sal word, dat julle van agter met haakdorings aangedryf sal word.

³Elke vrou sal reg voor haar uit oor die afgebreekte stadsmuur loop, julle sal na Hermon toe uitgedryf word, sê die Here.

⁴Kom na Bet-El toe as julle wil sonde doen, na Gilgal toe as julle nog meer sonde wil doen. Bring julle offers vroegmôre, julle tiendes op die derde dag.

⁵Verbrand die ongesuurde brood as dankoffer, kondig julle vrywillige offers aan, laat die mense dit hoor. So hou julle mos daarvan, Israeliete, sê die Here my God.

Maak jou klaar om voor jou God te kom verskyn

⁶Ek het hongersnood in al julle stede laat kom, broodsgebrek in al julle dorpe, maar julle het julle nie tot My bekeer nie, sê die Here.

⁷Ek het die reën drie maande voor oestyd van julle af weggehou; Ek het laat reën oor een stad en oor 'n ander die reën laat wegbly; die een stuk grond het goed reën gekry en die ander waar dit nie gereën het nie, het uitgedroog.

⁸Twee, selfs drie stede se mense het hulle na 'n stad toe aangesleep om water te kry, sonder om hulle dors te les, en tog het julle julle nie tot My bekeer nie, sê die Here.

⁹Ek het julle gestraf met brandkoring en met heuningdou, Ek het julle tuine en wingerde laat verdroog, sprinkane het julle vyeboom en julle olyfboom kaalgevreet, en tog het julle julle nie tot My bekeer nie, sê die Here.

¹⁰Ek het plaas soos dié van Egipte na julle toe gestuur; Ek het julle jongmense en hulle spogperde met die swaard doodgemaak; Ek het die stank van julle laer in julle neuse laat opwalm, en tog het julle julle nie tot My bekeer nie, sê die Here.

¹¹Ek het julle stede verwoes soos Ek Sodom en Gomorra geheel en al verwoes het, julle het soos 'n stuk hout geword wat uit die vuur uit geruk is, en tog het julle julle nie tot My bekeer nie, sê die Here.

¹²Daarom sal Ek dit alles weer aan jou doen, Israel! En omdat Ek jou dít sal aandoen, Israel, maak jou klaar om voor jou God te kom verskyn!

¹³Jy moet besef: Hy wat berge vorm en die wind skep, Hy wat sy gedagtes aan die mens bekend maak, Hy wat die dagbreek donker maak, Hy wat oor die hoogtes van die aarde gaan, sy Naam is Here, almagtige God!

Amos 5

Israel het geval

¹Hoor hierdie woord wat ek teen julle moet sê, hierdie treurlied, Israel:

²Israel het geval en hy sal nie weer opstaan nie; hy lê neergegooi op sy grond en niemand help hom op nie.

³So het die Here my God gesê: Die stad wat met duisend gaan aanval, hou net honderd oor, en dié een wat met honderd aanval, hou net tien oor vir Israel.

Vra na my wil, dan sal julle lewe

⁴So sê die Here vir Israel: Vra na my wil, dan sal julle lewe!

⁵Moenie in Bet-El gaan raad soek nie, moenie na Gilgal toe gaan of verbygaan Berseba toe nie. Gilgal sal in ballingskap weggevoer word, en Bet-El sal tot niet gaan.

⁶Vra na die wil van die Here, dan sal julle lewe! As julle dit nie doen nie, sal die Here vir Josef soos 'n vuur tref, 'n vuur wat vir Bet-El sal verteer sonder dat iemand dit kan blus.

⁷Julle maak van die regspraak 'n bitter saak, julle trap die reg in die grond in.

⁸Hy deur wie die Sewester en Orion gemaak is, Hy wat die donker in oggendlig verander en die dag donker nag laat word, Hy wat die water van die see roep en dit oor die aarde uitstort, sy Naam is die Here.

⁹Dit is Hy wat die magtige met vernietiging tref, wat vernietiging oor die vestingstad bring.

Julle moet haat wat verkeerd is

¹⁰Julle haat dié wat vir die reg opkom in die howe, julle verafsku dié wat die waarheid praat.

¹¹Omdat julle die arm mens vertrap en van hom koring afpers, sal julle nie woon in die huise van gekapte klip wat julle bou nie en sal julle nie die wyn drink van die pragtige wingerde wat julle plant nie.

¹²Ek weet hoe baie julle oortredings is, hoe groot julle sondes is, julle wat die vyande is van dié wat reg doen, julle wat julle laat omkoop en nie aan die armes reg laat geskied nie.

¹³Dit is daarom dat 'n verstandige mens maar stilbly in hierdie tyd, want dit is 'n bose tyd.

¹⁴Probeer goed doen, nie verkeerd nie, dat julle kan lewe! Dan sal die Here die almagtige God so by julle wees soos julle sê dat Hy is.

¹⁵Julle moet haat wat verkeerd is, julle moet liefhê wat goed is, julle moet opkom vir die reg in die howe. Dan sal die Here die almagtige God Hom dalk ontferm oor wat daar van Josef oor is.

¹⁶So sê die Here, die almagtige God, die Here: Die mense sal treur op al die oop ruimtes, hulle sal op al die strate sê: “Ag tog, ag tog!” Hulle sal die boere en die treursangers roep om saam te kom treur.

¹⁷Daar sal ook in al die wingerde getreur word, want Ek gaan tussen julle deur om julle te straf, sê die Here.

Die dag van die Here bring donker

¹⁸Ellende wag vir dié wat smag na die dag van die Here! Waarom verlang julle na die dag van die Here? Dit sal donker bring, nie lig nie;

¹⁹dit sal wees soos wanneer iemand vir 'n leeu vlug en 'n beer val hom aan, of soos wanneer iemand tuiskom en hy leun met sy hand teen die muur en 'n slang pik hom.

²⁰Die dag van die Here bring donker, nie lig nie, net duisternis, nie 'n ligstraal nie.

²¹Ek haat, Ek verafsku julle feeste, Ek het niks aan julle feestye nie.

²²Al bring julle vir My brandoffers en graanoffers, dit is nie vir My aanneemlik nie, en Ek kyk nie eens na julle maaltydoffers van vetgevoerde kalwers nie.

²³Gee pad voor My met die rumoer van jou gesing; Ek wil nie jou harpmusiek hoor nie!

²⁴Maar laat die reg en die geregtigheid te voorskyn kom, laat dit aanrol soos watergolwe, soos 'n standhoudende stroom.

²⁵Moes julle vir My die veertig jaar in die woestyn diereoffers en graanoffers bring, Israel?

²⁶Julle sal julle koning Sikkut en julle afgodsbeeld Kijun, dié stergode wat julle vir julle gemaak het, moet dra

²⁷wanneer Ek julle in ballingskap laat wegvoer ver by Damaskus verby, sê die Here. Sy Naam is Almagtige God.

Amos 6

Oor die vernietiging van Josef bekommer julle julle nie

¹Ellende wag vir dié wat so rustig in Sion woon, dié wat hulle so veilig voel op Samariaberg, dié vername mense van die voorste nasie op wie die koningshuis van Israel hom verlaat!

²Gaan kyk in Kalne, gaan daarvandaan na die groot Hamat toe, gaan af na die Filistynse stad Gat toe! Is julle beter as daardie koninkryke? Is hulle grondgebied groter as julle s'n?

³Julle maak of die dag van rampe ver is, maar julle bring juis die dag nader dat geweld julle sal regeer.

⁴Julle lê op julle beddens wat met ivoor ingelê is, julle strek julle uit op julle rusbanke, julle eet lammers uit die kleinveetrop en kalwers uit die stal,

⁵julle maak liedjies vir die harp, julle dink hulle vir musiekinstrumente uit soos Dawid,

⁶julle drink wyn uit offerkomme en salf julle met uitsoekolie, maar oor die vernietiging van Josef bekommer julle julle nie.

⁷Daarom sal julle nou weggevoer word op die voorpunt van die ballinge. Die tyd is verby dat julle uitgelate lê en feesvier.

⁸Die Here my God het 'n eed afgelê by Homself, die Here die almagtige God sê: Ek verafsku die hooghartigheid van Jakob, Ek het 'n weersin in sy mooi huise! Daarom gee Ek die stad en al wat daarin is, oor in die mag van 'n vyand.

⁹As daar tien man in een huis oorgebly het, sal hulle sterwe.

¹⁰As 'n familielid of iemand wat die bene moet verbrand, hulle uit die huis kom dra, sal hy vir die een wat dalk nog agter in die huis is, vra: “Is daar nog iemand

by jou? ” en as dié sê: “Nee! ” sal die familielid sê: “Bly stil! Ons moet nie eens die Here se Naam noem nie! ”

¹¹Wanneer die Here die bevel gee, word die huise platgeslaan, in puin gelê, groot en klein.

¹²Perde kan tog nie op 'n klipplaat galop nie! 'n Mens ploeg tog nie die see met osse nie! Hoe maak julle dan van die reg iets wat giftig is, van regspraak 'n bitter saak?

¹³Julle verheug julle oor Lo-Dabar, julle sê: “Dit is tog deur ons eie krag dat ons Karnajim vir ons teruggevat het! ”

¹⁴Maar Ek gaan nou 'n nasie teen julle laat optrek, Israel, sê die Here die almagtige God, en dié nasie sal hardvogtig oor julle heers van Lebo-Hamat af tot by die stroombedding in die Jordaanvallei.

Amos 7

Die eerste gesig: Sprinkane

¹Die Here God het my 'n gesig laat sien: Hy was besig om 'n sprinkaanswerm te vorm toe die gras weer begin uitspruit het nadat die koning se hooi af was.

²Die sprinkane sou al die groenigheid in die land afvreet, en ek het gesê: “Here my God, vergewe tog vir Jakob! Hoe sal hy staande bly? Hy is klein! ”

³Die Here het toe van sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Dit sal nie gebeur nie.

Die tweede gesig: Vuur

⁴Die Here my God het my 'n gesig laat sien: Hy het 'n vuur opgeroep tot straf, en die vuur het die groot watervloed laat opdroog en dit sou ook die bewerkte grond verteer het.

⁵Maar ek het gesê: “Here my God, hou tog op! Hoe sal Jakob staande bly? Hy is klein! ”

⁶Die Here my God het toe van sy voorneme afgesien, Hy het gesê: Ook dit sal nie gebeur nie.

Die derde gesig: 'n Skietlood

⁷Hy het my 'n gesig laat sien: Die Here het by 'n loodregte muur gestaan, en daar was 'n skietlood in sy hand.

⁸Hy het vir my gevra: Wat sien jy, Amos? en ek het gesê: “'n Skietlood.” Toe sê die Here vir my: Ek gaan 'n skietlood aanlê in my volk Israel, Ek gaan hom nie meer spaar nie.

⁹Die hoogtes van Isak sal verwoes word, die heiligdomme van Israel sal in puin gelê word, en Ek sal met die swaard optree teen die koningshuis van Jerobeam.

Amos en Amasia

¹⁰Die priester Amasia van Bet-El het vir koning Jerobeam van Israel laat weet: “Amos is besig om hier in Israel 'n komplot teen u te smee. Die land kan dit nie uithou met alles wat hy sê nie.

¹¹Amos het gesê Jerobeam sal deur die swaard sterf, en Israel sal uit sy land in ballingskap weggevoer word.”

¹²Amasia het vir Amos gesê: “Maak dat jy wegkom, siener, gaan na Juda toe en verdien jou brood daar, tree daar as profeet op!

¹³In Bet-El mag jy nie meer as profeet optree nie, want dit is die koninklike heiligdom, die staatstempel.”

¹⁴Amos het toe vir Amasia geantwoord: “Ek is nie so 'n profeet nie en ek behoort nie tot die profetekring nie, ek boer met vee en kweek wildevye.

¹⁵Maar die Here het my agter die kleinvee weggevat en Hy het vir my gesê: Gaan tree as profeet op teen my volk Israel.

¹⁶“Hoor dan nou die woord van die Here! Jy sê ek moenie as profeet optree teen Israel nie, ek mag nie as siener teen die nageslag van Isak praat nie.

¹⁷Maar so sê die Here: “Jou vrou sal 'n prostituut word in die stad, jou seuns en jou dogters sal met die swaard afgemaai word, jou grond sal tussen ander verdeel word, jy sal in 'n onrein land sterf, en Israel sal in ballingskap weggevoer word uit sy land uit.”

Amos 8

Die vierde gesig: 'n Mandjie vrugte

- ¹Die Here my God het my 'n gesig laat sien: Daar was 'n mandjie ryp vrugte,
- ²en die Here het vir my gevra: Wat sien jy, Amos? Ek het gesê: “'n Mandjie ryp vrugte.” Toe sê die Here vir my: Die tyd is ryp vir my volk Israel, Ek sal hom nie meer spaar nie.
- ³Daardie dag sal die sang in die paleis 'n gehuil word, sê die Here my God. Daar sal baie lyke wees, oral neergegooi. Bly liewer stil!
- ⁴Luister hierna, julle wat arm mense vertrap, julle wat die mense in nood in die land wil uitroei.
- ⁵Julle sê: “Wanneer is Nuwemaan verby dat ons koring kan verkoop, of Sabbat, dat ons ons graanwinkels weer kan oopmaak en minder graan vir meer geld kan verkoop? Ons laat die skaal mos kul soos ons wil!”
- ⁶Julle verkoop arm mense vir geld, behoeftiges oor 'n paar sandale, julle verkoop selfs die koringkaf.
- ⁷Die Here het 'n eed afgelê by Homself, by Hom wat die trots van Jakob moes gewees het: Ek sal nooit vergeet wat hulle gedoen het nie!
- ⁸Sal die aarde nie hieroor beef nie, sal sy bewoners nie treur nie! Sal die hele wêreld nie in beroering kom soos die Nyl, wegsak soos die rivier van Egipte nie!
- ⁹Daardie dag, sê die Here my God, laat Ek die son helder oordag ondergaan, maak Ek dit donker op aarde terwyl dit nog ligdag is;
- ¹⁰Ek verander julle feeste in treurgeleenthede, julle liedere in klaagsange; Ek trek vir julle rouklere aan en skeer al julle koppe kaal; Ek laat dit word soos wanneer 'n mens oor 'n enigste kind treur, julle uiteinde sal vir julle 'n bitter dag wees.
- ¹¹Maar daar kom dae, sê die Here my God, dat Ek 'n honger oor die aarde laat kom: 'n honger nie na kos nie, 'n dors nie na water nie, maar om die woorde van die Here te hoor.

¹²Die mense sal ronddwaal van see tot see, rondslinger van noord tot oos om die woord van die Here te soek, maar hulle sal dit nie kry nie.

¹³Daardie dag sal die mooi meisies en die jongmanne van dors beswyk,

¹⁴dié jongmense wat ede aflê by wat Samaria se sonde is en sê: “So seker as jou god leef, Dan, so seker as daar 'n pelgrimspad na Berseba toe is! ” Hulle sal val en nie weer opstaan nie.

Amos 9

Die vyfde gesig: Die Here by die altaar

¹Ek het die Here by die altaar sien staan, en Hy het gesê: Slaan die pilare se toppe stukkend, sodat die drumpels bewe, breek hulle af oor almal se koppe! Ek sal die mense wat oorbly, met die swaard doodmaak, niemand sal kan vlug nie, niemand sal vrykom nie.

²Al breek hulle deur na die doderyk toe, Ek sal hulle daar uithaal; al klim hulle op na die hemel toe, Ek sal hulle daarvandaan laat afkom;

³al kruip hulle weg op die top van die Karmel, Ek sal hulle daar opspoor en vang; al kruip hulle weg op die bodem van die see, Ek sal die slang daar beveel om hulle te pik;

⁴al word hulle in ballingskap weggevoer voor hulle vyande uit, Ek sal die swaard daar beveel om hulle dood te maak; my bedoeling met hulle is om hulle kwaad aan te doen, nie om goed aan hulle te doen nie.

⁵Die Here my God, die Almagtige, raak die aarde aan en dit smelt weg, en almal wat daarop woon, treur; die hele wêreld kom in beroering soos die Nyl en sak weer weg soos die rivier van Egipte.

⁶Die Here bou sy bokamers in die hemel en lê die hemelkoepel se fondament op die aarde, Hy roep die waters van die see en giet hulle oor die aarde uit. Sy Naam is Here!

⁷Julle Israeliete is vir My nie anders as die Kussiete nie, sê die Here. Ek het vir Israel uit Egipte laat trek, maar ook die Filistyne uit Kaftor en die Arameërs uit Kir.

⁸Ek, die Here God, hou die sondige koninkryk dop, Ek gaan hom wegvee van die aarde af! Maar tog, Ek sal nie die nageslag van Jakob heeltemal uitroei nie, sê die Here.

⁹Ek gaan die bevel gee en vir Israel skud tussen die nasies soos graan in 'n sif geskud word, en nie 'n korrel sal op die grond val nie.

¹⁰Al die sondaars onder my volk sal met die swaard doodgemaak word, hulle wat sê: “Ter wille van ons sal U die ramp nie laat kom nie, ons nie daardeur laat tref nie.”

Ek sal die lot van my volk verander

¹¹Daardie dag bou Ek die vervalte hut van Dawid weer op; Ek stop sy barste toe en bou sy murasies op, Ek herbou hom soos hy in die ou tyd was,

¹²sodat my volk die oorwinnaar sal wees oor wat van Edom oor is, oor al die nasies oor wie my Naam uitgeroep is, sê die Here. Hy sal dit doen.

¹³Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat daar direk na die oes geploeg sal word en dat daar direk na die saaityd gepars sal word. Die berge sal van druïwesap drup, al die heuwels sal deurnat wees.

¹⁴Ek sal die lot van my volk Israel verander: hulle sal die verlate stede herbou en bewoon, hulle sal wingerde plant en die wyn daarvan drink, hulle sal tuine aanlê en die vrugte daarvan eet.

¹⁵Ek sal my volk weer in hulle grond plant, en hulle sal nie weer uitgeruk word uit die grond wat Ek hulle gegee het nie, sê die Here jou God.

Obadja

Obadja 1

Ek sal jou daar afhaal

¹Die openbaring wat Obadja ontvang het. So sê die Here my God oor Edom: Ons het 'n boodskap ontvang, en dit kom van die Here af. Daar is 'n boodskapper onder die nasies rondgestuur om te sê: “Maak klaar, kom ons gaan maak oorlog teen Edom!”

²Die Here het gesê: Edom, Ek maak jou 'n klein volkie onder die volke, jy sal glad nie meer gereken word nie.

³Jy is deur jou vermetelheid mislei, jy wat daar in die klipskeure sit, wie se woonplek hoog in die berge is, jy wat dink: wie sal my hier afkry grond toe?

⁴Al bou jy daar in die hoogte soos 'n aasvoël, al sit jy jou nes tussen die sterre, Ek sal jou daar afhaal, sê die Here.

⁵As diewe of rowers in die nag na jou toe kom, sou jy nie bly stilsit nie, al steel hulle net tot hulle genoeg het; as ander jou wingerd kom afoes, sou hulle van die druiewetrosse laat agterbly;

⁶maar jy, land van Esau, sal gefynkam word; alles wat jy weggesteek het, sal gestroop word.

⁷Al jou eie bondgenote sal jou oor jou grense jaag en jou in die steek laat. Jou eie vriende sal jou oorrompel, mense vir wie jy kos gegee het, sal vir jou strikke stel waar jy dit nie verwag nie.

⁸Dit is wat daardie dag sal gebeur, sê die Here. Ek sal die wyse mense uitroei uit Edom, Ek sal die slim mense uitroei uit die bergland van Esau.

⁹Jou dapper vegters sal bang word, Teman, al die mense sal uitgeroei word uit die bergland van Esau. Oor die moorde

¹⁰op jou broervolk Jakob, oor die geweld teen hom, sal jy verslaan word, uitgeroei word vir altyd.

¹¹Die dag toe vreemdes die bevolking van Jakob gevange weggevoer het, het jy afsydig daar gestaan. Toe uitlanders die poorte van Jerusalem binnegegaan en oor hom begin lootjies trek het, was jy aan hulle kant.

¹²Jy moes jou nie daarin verlekker het dat jou broer se dag gekom het nie, die dag toe die ongeluk hom getref het; jy moes nie so bly gewees het oor wat gebeur het met die mense van Juda die dag toe hulle omgekom het nie; jy moes nie so uit die hoogte gepraat het die dag toe die ellende hulle getref het nie;

¹³jy moes nie die poorte van my volk binnegegaan het die dag toe die ramp hom getref het nie; jy moes jou nie ook verlekker het in sy ongeluk die dag toe die ramp hom getref het nie; jy moes nie sy besittings geroof het die dag toe die ramp hom getref het nie;

¹⁴jy moes nie by die kruispaaie gaan staan het om sy vlugteling dood te maak nie; jy moes nie sy oorlewendes uitgelewer het die dag toe die ellende hom getref het nie.

¹⁵Die dag van die Here is naby, naby vir al die nasies. Wat jy gedoen het, Edom, sal aan jou gedoen word, jou dade sal op jou eie kop afkom.

¹⁶Soos julle, my volk Jakob, die oordeelsbeker moes drink op my heilige berg, so sal die ander nasies dit drink, maar sonder ophou, hulle sal drink en sluk, en hulle sal word asof hulle nooit bestaan het nie.

¹⁷Maar op Sionsberg sal daar uitkoms kom, dit sal weer 'n heilige plek wees. Die volk van Jakob sal weer in besit neem wat aan hom behoort.

¹⁸Die volk van Jakob sal die vuur wees, die volk van Josef die vlam, en die volk van Esau die strooi: Josef sal hom brand en hom verteer, en van die volk van Esau sal niemand oorbly nie. Die Here het dit gesê.

¹⁹Mense uit die Suidland sal die bergland van Esau in besit neem, mense uit die Laeveld die gebied van die Filistyne. Jakob sal die Efraimsvelde in besit neem, en die veld van Samaria, Benjamin en Gilead.

²⁰Dieselfde Israeliete wat in ballingskap weggevoer is, sal Kanaän in besit neem tot by Sarfat; die mense van Jerusalem wat nou ballinge in Sefarad is, sal die stede in die Suidland in besit neem.

²¹Die bevrydes op Sionsberg sal optrek om oor die bergland van Esau te regeer, en die heerskappy sal aan die Here behoort.

Jona

Jona 1

U is die Here, U doen wat U wil

- ¹Die woord van die Here het tot Jona seun van Amittai gekom:
- ²“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan, want Ek weet hoe sleg hy is.”
- ³Maar Jona het klaargemaak om na Tarsis toe te vlug, weg van die Here af. Jona is af Joppe toe, en daar het hy 'n skip gekry wat op vertrek was Tarsis toe. Hy het vir die reis betaal en aan boord gegaan om saam met die bemanning Tarsis toe te gaan, weg van die Here af.
- ⁴Maar die Here het 'n kwaai storm oor die see laat opkom. Daar was 'n baie sterk wind op die see, en die skip wou uitmekaar breek.
- ⁵Die matrose het bang geword, en elkeen het tot sy god om hulp geroep. Hulle het die vrag van die skip in die see gegooi om die skip ligter te maak. Maar Jona was onder in die skip waarheen hy afgegaan het om te gaan slaap. Hy het vas geslaap
- ⁶en die kaptein het na hom toe gegaan en vir hom gesê: “Wat is dit met jou dat jy lê en slaap? Staan op en bid tot jou god. Miskien sal hy aan ons dink en dan sal ons nie vergaan nie.”
- ⁷Toe sê die manne vir mekaar: “Kom ons trek lootjies sodat ons kan uitvind oor wie hierdie ramp ons tref.” Hulle het lootjies getrek en Jona is aangewys.
- ⁸Toe vra hulle hom: “Vertel ons tog waarom hierdie ramp ons tref. Wat werk jy? Waarvandaan kom jy? Uit watter land en van watter volk is jy? ”
- ⁹Jona het hulle geantwoord: “Ek is 'n Hebreër. Ek dien die Here die God van die hemel wat die see en die vasteland gemaak het.”
- ¹⁰Die manne het baie bang geword en vir Jona gesê: “Wat het jy nou aangevang? ” Hulle het te wete gekom dat hy van die Here af wegvlug: Jona het hulle dit self vertel.

¹¹Toe vra hulle hom: “Wat moet ons met jou maak dat die see weer rondom ons kan kalm word? ” Die see het ondertussen al hoe onstuimiger geword.

¹²Jona het hulle geantwoord: “Vat my en gooi my in die see, dan sal dit kalm word rondom julle, want ek weet dit is oor my dat hierdie groot storm rondom julle woed.”

¹³Die manne het hard geroei om weer die vasteland te bereik, maar hulle kon nie, want die see het al hoe onstuimiger geword rondom hulle.

¹⁴Toe bid hulle tot die Here en sê: “Ag, Here, moet ons tog nie laat vergaan oor hierdie man nie. Moenie dat ons iemand onskuldig doodmaak nie. U is die Here, U doen wat U wil.”

¹⁵Hulle vat toe vir Jona en gooi hom in die see. Die storm op die see het toe bedaar.

¹⁶Die manne het toe baie bang geword vir die Here en hulle het vir Hom 'n offer gebring en geloftes afgelê.

Hulp kom net van die Here af

¹⁷Toe stuur die Here 'n groot vis om vir Jona in te sluk, en hy was drie dae en nagte in die vis se maag.

Jona 2

¹Toe bid Jona daar binne-in die vis tot die Here sy God.

²Jona het gesê: “In my nood het ek tot die Here geroep, en Hy het my gebed verhoor. Diep in die doderyk het ek hulp gevra, en U, Here, het my gehoor.

³U het my die diepte ingegooi, diep in die see, en die watermassa het my omring. U het golf na golf oor my laat gaan.

⁴Ek het gedink ek het uit u gesig verdwyn, maar tog sal ek weer u heilige tempel aanskou.

⁵Die waters het my toegevou, die groot water het my omring, seegras was om my kop gedraai.

⁶Ek het afgesak tot by die fundamente van die berge, die aarde het my vir altyd toegesluit. Maar U, Here my God, het my van die dood gered.

⁷Toe ek wou vergaan, het ek aan die Here gedink, en my gebed het by U gekom, in u heilige tempel.

⁸Dié wat op nuttelose afgode vertrou, verlaat Hom wat liefde aan hulle betoon.

⁹Terwyl ek 'n loflied sing, wil ek aan U 'n offer bring; wat ek beloof het, sal ek doen. Hulp kom net van die Here af.”

¹⁰Toe beveel die Here die vis, en hy het vir Jona op die vasteland uitgespoeg.

Jona 3

God het nie die ramp gestuur nie

¹Die woord van die Here het 'n tweede keer tot Jona gekom:

²“Maak klaar, gaan na die groot stad Nineve toe en spreek hom aan met die boodskap wat Ek jou sal gee.”

³Toe maak Jona klaar en gaan na Nineve toe soos die Here hom beveel het. Nineve was 'n baie groot stad: 'n mens het drie dae gevat om dit deur te stap.

⁴Jona het die stad ingegaan en 'n dag lank daar rondgestap en toe roep hy: “Nog net veertig dae en Nineve word verwoes! ”

⁵Die mense van Nineve het toe in God geglo en hulle het 'n dag aangekondig om te vas. Groot en klein het rouklere aangetrek.

⁶Die berig het ook by die koning van Nineve uitgekom. Hy het van sy troon af opgestaan en sy koningsklere uitgetrek, rouklere aangetrek en op 'n ashoop gaan sit.

⁷Hy het in Nineve laat proklameer: “Die koning en sy raadgewers beveel dat mens en dier, grootvee en kleinvee, aan niks mag proe nie, dat hulle niks mag eet en nie water mag drink nie.

⁸Mens en dier moet rouklere aanhê, en die mense moet ernstig tot God roep en hulle van hulle verkeerde dade bekeer en berou hê oor die geweld wat hulle gepleeg het.

⁹Miskien sal God van plan verander en nie meer kwaad wees nie. Dan sal ons nie omkom nie.”

¹⁰Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle hulle bekeer van hulle verkeerde daade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

Jona 4

Het jy rede om kwaad te word?

¹Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het baie kwaad geword.

²Hy het tot die Here gebid en gesê: “Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug. Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aangekondig het.

³“Laat ek nou maar sterf, Here, want dit is vir my beter om te sterf as om te lewe.”

⁴Toe vra die Here vir hom: “Het jy rede om kwaad te word? ”

⁵Jona is toe uit die stad uit. Hy het oos van die stad gaan sit en vir hom 'n skerm gebou. Hy het daaronder in die skaduwee gaan sit om te sien wat in die stad gebeur.

⁶Toe laat die Here God 'n komkommerplant opkom, en dit het bo-oor Jona gerank om skaduwee te gee vir sy kop en om hom van sy misnoeë te bevry. Jona was baie bly oor die komkommerplant.

⁷Die volgende môre met dagbreek laat God toe 'n wurm kom, en dit het aan die komkommerplant gevreet, sodat dit verdroog het.

⁸Toe die son opkom, het God 'n skroeiende sterk wind uit die ooste laat waai. Die son het vir Jona op sy kop gestee, en hy het baie swak geword en gewens om maar liever te sterf. Hy het gesê: “Dit is vir my beter om te sterf as om te lewe.”

⁹Toe vra God vir Jona: “Het jy rede om kwaad te word oor die komkommerplant? ” en Jona antwoord: “Ek het rede genoeg: ek is besig om te sterf! ”

¹⁰Die Here het vir Jona gesê: “Jy is besorg oor die komkommerplant waarvoor jy nie gewerk het nie en wat jy nie versorg het nie. Dit het oornag opgekom en oornag is dit dood.

¹¹Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere? ”

Miga

Miga 1

¹Die woord van die Here wat gekom het tot Miga van Moreset tydens die regering van die Judese konings Jotam, Agas en Hiskia. Dit handel oor Samaria en Jerusalem.

Die Here wil teen julle getuig

²Luister, alle volke! Gee aandag, aarde met al jou bewoners! Die Here my God wil teen julle getuig, die Here wil uit sy heilige tempel getuig.

³Die Here kom uit sy woonplek uit, Hy kom af, Hy kom oor die hoë plekke van die aarde.

⁴Berge smelt weg onder Hom, laagtes skeur oop. Soos was in vuur smelt, so smelt die berge, hulle loop teen die hellings af soos water.

⁵Dit alles gebeur oor die sonde van Jakob, oor die oortredings van die volk Israel. Wat is die sonde van Jakob? Samaria! Wat is Juda se afgodshoogte? Jerusalem!

⁶Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop in die oop veld maak, 'n plek om wingerde te plant. Ek sal sy bouklip in die laagte afgooi, sy fundamente oopgrawe.

⁷Al sy afgodsbeelde sal stukkend geslaan word, sy verdienste uit prostitusie sal verbrand word. Ek sal al sy afgode vernietig, want hy het hulle bymekaargemaak met sy verdienste uit prostitusie. Hulle sal die pad gaan van verdienste uit prostitusie.

⁸Daarom sal ek rou en huil, sal ek kaalvoet en sonder klere rondloop. Ek sal skreeu soos 'n jakkals, klaag soos 'n volstruis.

⁹Samaria se sweer is ongeneeslik, dit het gesprei tot by Juda: dit raak al aan my volk se stadspoort, aan Jerusalem.

¹⁰Moet dit nie in Gat vertel nie, moenie daaroor huil nie, gaan rol liever in die stof in Bet-Leafra.

¹¹Gee pad, jy wat in Safir woon, jy is kaal uitgetrek. Jy wat woon in Saänan, kan nie uitkom nie, die mense van Bet-Esel treur, hy kan julle nie meer help nie.

¹²Jy wat in Marot woon, is siek van angs, daar het onheil van die Here af gekom tot by die poorte van Jerusalem.

¹³Span die perde voor die strydwa, jy wat in Lakis woon! In Lakis het die sonde van Sion begin, die oortredings van Israel is daar gevind.

¹⁴Daarom is 'n trougeskenk aan Moreset-Gat gegee. Die huise van Aksib is 'n teleurstelling vir die konings van Israel.

¹⁵Jy wat in Maresa woon, die Here laat een wat verower, na jou toe kom. Die trots van Israel sal tot by Adullam kom.

¹⁶Skeer 'n kaal kol op jou kop, skeer 'n kaal kol op jou kop soos dié van 'n aasvoël, want dié oor wie jy bly is, sal van jou af in ballingskap weggevoer word.

Miga 2

Ek beplan onheil teen hierdie mense

¹Ellende wag vir julle wat rampe teen ander beplan, wat op die bed lê en dink aan kwaad om te doen, wat dit vroeg in die môre gaan uitvoer omdat hulle die mag in die hande het.

²Hulle begeer 'n stuk grond en vat dit, huise, en lê beslag daarop. Hulle kul 'n man uit sy huis uit, 'n mens uit sy besitting uit.

³Daarom, so sê die Here: Ek beplan 'n ramp teen hierdie mense, hulle sal dit nie kan ontwyk nie. Hulle sal nie meer regop kan loop nie, want dit sal 'n tyd van swaarkry wees.

⁴Daardie dag sal hulle 'n spotlied oor jou maak, hulle sal 'n klaaglied sing en sê: “Ons is geheel en al vernietig, my volk se besitting is opgedeel, dit is van ons afgevat, ons land is onder verraaiers verdeel.”

⁵Daarom sal jy nie meer iemand in die gemeente van die Here hê om jou land te verdeel nie.

⁶Dié wat maak of hulle profete is, sê: “Moenie jý 'n profeet probeer wees nie, moenie oor dié dinge praat nie. Daar sal nie ellende oor ons kom nie.”

⁷Volk van Jakob, moet daar gevra word: “Is die Gees van die Here kwaad? Doen Hy sulke dinge? ” Belowe Ek nie goeie dinge vir dié wat opreg lewe nie?

⁸My volk het in die afgelope tyd 'n vyand geword en in opstand gekom; julle stroop die mooi klere af van dié wat houtgerus by julle verbystap soos soldate van die slagveld af.

⁹Julle jaag die vrouens van my volk uit hulle gerieflike huise uit, julle vat die blywende gerief wat Ek hulle gegee het, van hulle kinders af weg.

¹⁰Maak klaar, gee pad! Dit is nie julle blyplek nie, want dit is onrein en verwoes, onherstelbaar verwoes!

¹¹Wanneer 'n rondloper, 'n bedrieër lieg en sê: “As profeet beloof ek aan julle wyn en bier,” sal hy vir hierdie volk dié profeet wees.

Die Here sal voor hulle wees

¹²Ek sal julle almal bymekaarmaak, Jakob, Ek sal dié vergader wat van Israel oorgebly het, Ek sal hulle bymekaarbring soos skape in 'n kraal, soos 'n groot kudde in die weiveld, die wêreld sal dreun van mense.

¹³Een wat uitbreek, sal hulle lei, hulle sal uitbreek en deur die poort gaan, hulle sal daar uitgaan, hulle Koning sal voor hulle uitgaan, die Here sal voor hulle wees.

Miga 3

Teen die slegte leiers

¹Ek het gesê: Luister, leiers van Jakob, regeerders van Israel! Weet julle nie wat reg is nie?

²Julle wat die goeie haat en die verkeerde liefhet, julle wat die mense se vel van hulle afskeur, die vleis van hulle bene af,

³wat my volk opeet asof hulle vleis is, hulle vel afstroop en hulle bene opkap, wat hulle opsny vir die kookpot, soos vleis vir die braaipan.

⁴Wanneer hulle tot die Here roep, sal Hy hulle nie antwoord nie. Dan sal Hy Hom nie aan hulle openbaar nie, want hulle het baie verkeerd gehandel.

⁵So sê die Here oor die profete wat my volk verlei, die profete wat van vrede praat so lank hulle kos kry, en as iemand hulle nie bly instop nie, oorlog teen hom verklaar:

⁶Daar is vir julle net nag, nie 'n gesig nie, donkerte, nie 'n voorspelling nie. Die son sal ondergaan vir hierdie profete, die dag sal pikdonker word oor hulle.

⁷Die sieners sal teleurgestel staan, die voorspellers sal bedroë daarvan afkom. Hulle sal almal treur en hulle baard bedek as teken van rou, want God sal nie antwoord nie.

⁸Ek, daarenteen, het baie krag, ek het die Gees van die Here, 'n sin vir reg en die moed om aan Jakob sy sonde bekend te maak, aan Israel sy oortreding.

⁹Luister hierna, leiers van Jakob, regeerders van Israel, julle wat die regspraak minag en alles verdraai,

¹⁰julle wat vir Sion met moord gebou het en Jerusalem met onreg:

¹¹Jou leiers lewer uitspraak vir omkoopgeld, jou priesters gee onderrig teen salaris, jou profete maak voorspellings teen betaling, en tog verwag hulle hulp van die Here! Hulle sê: “Die Here is by ons, onheil sal ons nie tref nie.”

¹²Daarom is dit julle skuld dat Sion soos 'n stuk land geploeg sal word, dat Jerusalem 'n puinhoop sal word, dat die tempelberg 'n hoogte vol bossies sal word.

Miga 4

Uit Sion kom die openbaring

¹Daar kom 'n tyd dat die berg waarop die huis van die Here is, 'n blywende plek sal hê bokant die bergtoppe en sal uitstaan bo die heuwels. Die volke sal daarheen stroom,

²baie nasies sal daarnatoe gaan en sê: “Kom, laat ons optrek na die berg van die Here toe, na die huis van die God van Jakob sodat Hy ons sy wil kan leer en ons daarvolgens kan lewe, want uit Sion kom die openbaring, uit Jerusalem die woord van die Here.”

³Hy sal oordeel tussen baie volke, regsprek oor sterk nasies wat ver weg woon. Hulle sal van hulle swaarde ploegskare smee en van hulle spiese snoeiskêre. Die een nasie sal nie meer die swaard teen die ander opneem nie, en hulle sal nie meer leer om oorlog te maak nie.

⁴Elke man sal onder sy eie wingerd sit, ongesteurd onder sy vyeboom. Die Here die Almagtige het dit gesê.

⁵Elke nasie kan maar lewe in die naam van sy god, ons sal vir altyd in die Naam van die Here ons God lewe.

⁶Daardie dag, sê die Here, sal Ek dié wat kreupel is, bymekaarmaak, sal Ek dié wat verstrooi is, vergader, en ook dié wat Ek met rampe getref het.

⁷Ek sal die kreupeles die oorblyfsel maak, die siekes 'n sterk nasie. Ek, die Here, sal op Sionsberg oor hulle heers, nou en vir altyd.

Hulle ken nie die plan van die Here nie

⁸Verlate vesting, Sionsheuvel, die beloftes aan jou sal vervul word: jy sal weer heers soos voorheen, Jerusalem sal weer die hoofstad wees.

⁹Waarom skreeu jy so hard? Het jy nie 'n koning nie? Het jou raadgewer omgekom dat kraampyne jou oorval het?

¹⁰Krul van die pyn, Sion, kry geboortepyne soos 'n vrou in kraam! Jy moet nou die stad verlaat, jy moet in die oop veld gaan woon en na Babel toe gaan. Daar sal jy gered word, daar sal die Here jou verlos uit die mag van jou vyande.

¹¹Nou moet baie nasies nog eers teen jou saamstaan, hulle sê: “Ons sal toekyk hoe Sion verontreinig word.”

¹²Maar hulle ken nie die plan van die Here nie; hulle verstaan nie wat Hy besluit het nie: Hy het hulle soos gerwe op 'n dorsvloer bymekaargebring.

¹³Maak klaar en dors die gerwe, Sion! Ek maak jou sterk: Ek gee vir jou bronskloue sodat jy baie nasies kan vermorsel. Jy sal aan die Here wy wat hulle buitgemaak het, al hulle besittings aan die Koning van die hele wêreld.

¹⁴Jy is nou vasgevang, rowerstad! Ons word beleër! Die vyand sal die koning van Israel met 'n kiere op die kakebeen slaan.

Miga 5

¹Maar jy, Betlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!

²Hy sal sy mense 'n kort rukkie prysgee, so lank as dit 'n vrou neem om 'n kind in die wêreld te bring. Dan sal dié uit sy familie wat die ramp oorleef het, terugkom na die Israeliete toe.

³Hy sal na vore kom en sy volk lei deur die krag wat die Here hom gee, deur die sterkte van die Naam van die Here sy God. Hulle sal woon tot in die uithoeke van die aarde, want hulle leier sal sterk wees.

⁴Hy sal vrede bring. Wanneer Assirië ons land binneval, wanneer hy in ons mooi huise wil ingaan, sal ons baie leiers, genoeg generaals, teen hom uitstuur.

⁵Hulle sal Assirië platloop met die swaard, die land van Nimrod met swaarde wat reg is om te steek. Die regeerder uit Betlehem sal ons red uit die mag van Assirië wanneer Assirië ons land binneval, wanneer hy ons gebied binnekom.

⁶Dié van Jakob wat oorbly, sal tussen baie volke wees, hulle sal daar wees soos dou wat van die Here af kom, soos stortreëns op groen gras wat nie vir 'n mens wag nie, nie na mense kyk nie.

⁷Dié van Jakob wat oorbly, sal tussen die nasies wees, tussen baie volke, hulle sal daar wees soos 'n leeu tussen wild of tussen 'n trop skape: hy verskeur as hy tussen hulle deurstap, hy vang sy prooi, en niemand kan dit uit sy bek ruk nie.

⁸Mag jy jou teenstanders oorweldig, Israel, mag al jou vyande uitgeroei word!

⁹Daardie dag, sê die Here, sal Ek jou perde uitroei, jou strydwaens vernietig.

¹⁰Ek sal die stede van jou land vernietig, al jou vestingstede afbreek.

¹¹Ek sal jou toorgoed wegvat uit jou hand, daar sal nie meer waarsêery by jou wees nie.

¹²Ek sal jou afgodsbeelde vernietig, jou klippilare by jou afbreek. Jy sal nie meer jou handewerk aanbid nie.

¹³Ek sal jou gewyde pale uitruk, jou stede verwoes.

¹⁴In my toorn en gramskap sal Ek die nasies straf wat nie na My luister nie.

Miga 6

¹Hoor wat die Here sê: Maak klaar, roep die berge as getuie, laat die heuwels hoor wat jy te sê het.

²Berge, vaste fondamente van die aarde, julle moet luister na die saak wat die Here het. Die Here het 'n saak teen sy volk, Hy het Israel aangekla.

³My volk, wat het Ek jou aangedoen? Hoe het Ek jou moeg gemaak? Antwoord My!

⁴Ek het jou uit Egipte gebring, Ek het jou uit die plek van slawerny gered, Ek het vir Moses gestuur om jou te lei, ook vir Aäron en Mirjam.

⁵My volk, dink aan die planne van koning Balak van Moab, en wat Bileam seun van Beor hom geantwoord het. Dink aan alles tussen Sittim en Gilgal, en weet dat die Here julle die oorwinning laat behaal het.

⁶Wat sal ek saamvat as ek na die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na Hom toe gaan, met jaaroud kalwers?

⁷Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tienduisende offers van olie? Moet ek my eersgeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam kom, vir my oortreding?

⁸Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra van jou dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.

⁹Om die Here te dien, dit is wysheid. Die Here roep die stad; luister, leier en julle almal wat aanhou roof:

¹⁰Goddelose plek, moet Ek die verkeerde maatlyn bly verdra, of die vals inhoudsmaat wat Ek so haat?

¹¹Moet Ek die eienaar van 'n onbetroubare weegskaal vryspreek, een met 'n sak vol vals gewigte?

¹²Die stad se ryk mense pleeg geweld, sy inwoners lieg en hulle bedrieg.

¹³Daarom het Ek jou begin straf; Ek het jou begin verwoes oor jou sondes.

¹⁴Jy sal eet en nie genoeg kry nie; jy sal honger bly. Jy sal geboortepyne hê, maar nie 'n kind in die wêreld bring nie. En wanneer jy 'n kind in die wêreld bring, gee Ek hom vir die swaard.

¹⁵Jy sal saai, maar nie oes nie, jy sal olywe pars, maar jou nie met olie insmeer nie, jy sal druiwe pars, maar nie wyn drink nie.

¹⁶Jy het Omri se reëlins nagekom, gedoen wat Agab gedoen het, hulle raad gevolg. Daarom sal Ek jou verwoes, Ek sal jou inwoners 'n bespotting maak. Jy sal my volk se vernedering moet dra.

Miga 7

Maar ek sal vertrou op die Here

¹Ellende wag vir my, ek het geword soos 'n land wat afgeoes is, soos die natrossies in die wingerd. Daar is niks om te eet nie, en ek wou graag voorvye gehad het.

²Daar is nie meer 'n gelowige in die land nie, onder die mense kry jy nie 'n opregte nie, almal stel strikke om moord te pleeg, hulle maak met vangnette jag op hulle broers.

³Al wat die regeerder vra, is dat hulle goed moet sondig; die regter vra omkoopgeld, die vername praat net oor wat hy begeer. Hulle verdraai alles.

⁴Die beste onder hulle is soos 'n gifplant, die opregte erger as 'n doringheining. Die dag van jou straf kom, wees op die uitkyk daarvoor! Hulle sal binnekort in verwarring raak.

⁵Moenie 'n maat vertrou nie, moenie op 'n vriend staatmaak nie, pasop wat jy sê vir die vrou langs wie jy lê.

⁶Die seun beledig sy pa, die dogter kom in opstand teen haar ma, die skoondogter teen haar skoonma. 'n Man se huismense het sy vyande geword.

⁷Maar ek sal vertrou op die Here, ek sal wag vir die God wat my red. My God sal my gebed verhoor.

⁸Moet jou nie oor my verlekter nie, my vyand, al het ek tot 'n val gekom, ek sal weer opstaan, al sit ek in die donker, die Here is my lig.

⁹Ek sal aanvaar dat die Here my straf in sy toorn, want ek het teen Hom gesondig. Wanneer Hy my saak verhoor en oor my uitspraak lewer, sal Hy weer lig bring in my lewe, sal ek ondervind dat Hy die oorwinning gee.

¹⁰My vyand sal dit sien, hy sal deur skaamte oorval word, hy wat vir my vra: "Waar is die Here jou God?" Ek sal op my vyand neersien, hy sal plat getrap word soos modder op die straat.

U bly nie vir altyd kwaad nie

¹¹Die dag wanneer jou mure herbou word, dié dag sal jy nie onder die vyand se wet staan nie.

¹²Dié dag sal hulle na jou toe kom van Assirië af tot by die vestingstede, van die vestingstad af tot by die Eufraat, van die een see af tot by die ander en van die een berg af tot by die ander.

¹³Die aarde sal verwoes wees oor sy inwoners, oor alles wat hulle gedoen het.

¹⁴Pas jou volk op met jou kiere, die kleinvee wat aan jou behoort, wat alleen wei in die Karmelbos. Hulle sal in Basan en Gilead wei soos lank gelede.

¹⁵Ek sal jou wonders laat sien soos in die tyd toe jy uit Egipte getrek het.

¹⁶Die nasies sal dit sien en teleurgestel staan, al was hulle ook hoe sterk. Hulle sal stilbly, hulle sal hulle doof hou.

¹⁷Hulle sal stof eet soos die slange wat op die grond seil, hulle sal bewe en uit hulle wegkruipplekke uitkom na die Here ons God toe. Hulle sal skrik en vir U bang wees.

¹⁸Wie is 'n God soos U? U vergewe sonde, U straf nie die sonde van dié wat uit u volk oorgebly het nie. U bly nie vir altyd kwaad nie, U betoon liefde.

¹⁹Hy sal ons weer genade betoon, Hy sal ons sonde tot niet maak, U sal al hulle sondes in die diepsee gooi.

²⁰U sal getrou wees teenoor Jakob, liefde betoon aan Abraham, soos U in die voortyd aan ons voorvaders met 'n eed beloof het.

Nahum

Nahum 1

Die opskrif van die boek

¹'n Uitspraak teen Nineve. Die boek waarin die openbaring wat Nahum die Elkosiet ontvang het, opgeteken is.

Dit is klaar met jou!

²Die Here is 'n God wat baie begaan is oor sy volk, 'n God wat Hom wreek. Die Here wreek Hom in sy gloeiende toorn, die Here wreek Hom op sy teëstanders, sy toorn ontvlam teen sy vyande.

³Die Here is lankmoedig, maar sy krag is groot: Hy laat geen skuldige ongestraf nie. Hy kom in rukwind en storm, wolke is die stof onder sy voete.

⁴Hy spreek die see aan en laat dit droog word, Hy laat al die riviere opdroog. Basan en Karmel verdor, die groenigheid op die Libanon verwelk.

⁵Berge bewe voor Hom, heuwels wankel; die aarde, die wêreld en almal wat daarin woon, deins terug wanneer Hy verskyn.

⁶Wie kan bly staan voor sy woede? Wie kan sy gloeiende toorn weerstaan? Sy gramskap breek deur soos 'n veldbrand. Rotse word voor Hom uit uitmekaar gebreek.

⁷Die Here is goed, Hy is 'n toevlug in tyd van nood, Hy sorg vir dié wat by Hom skuil.

⁸Maar met 'n vloed wat alles meesleur, vee Hy die plek weg waar Nineve lê, jaag Hy sy vyande die duisternis in.

⁹Wat julle ook al teen die Here bedink, Hy maak dit tot niet. Daar sal nie weer verdrukking wees nie.

¹⁰Al is julle inmekaargevleg soos dorings, en al is julle deurweek van drank, julle sal soos kurkdroë stoppels verbrand word.

¹¹Daar het een uit jou gekom, Nineve, wat kwaad bedink teen die Here, planne wat nie sal slaag nie.

¹²So sê die Here: Al is hulle hoe sterk, hoe baie, hulle sal afgemaai word en tot niet gaan. Ek het jou verneder, my volk, maar Ek sal jou nie weer verneder nie.

¹³Ek breek nou die juk wat op jou is, Ek vernietig die bande wat jou bind.

¹⁴Maar oor jou, Nineve, beveel die Here: “Jou naam sal nie meer genoem word nie!” Ek vernietig die beelde in jou tempels, Ek grawe jou graf, want dit is klaar met jou.

¹⁵Kyk daar, oor die berge kom 'n boodskapper aangehardloop wat goeie nuus aankondig: Vier jou feeste, Juda, betaal jou geloftes! Die verdrukker sal nie weer deur jou land trek nie, hy is verslaan, vernietig.

Nahum 2

Nineve word ontvolk

¹Daar kom iemand wat jou sal verjaag, Nineve: bewaak jou vestings, hou dop die pad, maak jou gereed vir die stryd, monster al jou kragte!

²Die Here gaan die eer van Jakob, van Israel, herstel soos dit vroeër was, al is hulle kaal geplunder en hulle wingerde verwoes.

³Die skilde van Nineve se aanvallers is rooi geverf, hulle soldate het rooi uniforms aan. Wanneer hulle gereedmaak om te veg, blink hulle strydwaens soos vuur en swaai hulle die spiese.

⁴Oor die paaie dreun die strydwaens, hulle jaag oor die vlaktes; hulle lyk soos fakkels, soos blitse wat verbyskiet.

⁵Nineve maak staat op sy bevelvoerders, maar hulle struikel as hulle aanstorm. Hulle hardloop na die stadsmuur toe, maar die vyand se stormram staan al!

⁶Die sluise van die kanale word oopgetrek, en die paleis stort inmekaar.

⁷Dit staan vas: Nineve word ontvolk, sy inwoners word weggevoer, sy slavinne kla soos duiwe wat koer en slaan hulleself op die bors.

⁸Nineve is soos 'n dam waarvan die water uitloop. “Staan, bly staan!” klink die bevel, maar niemand draai om nie.

⁹Die aanvallers roep: “Buit silwer, buit goud! Die voorraad is onuitputlik, daar is nie 'n einde aan mooi goed nie.”

¹⁰Nineve is kaal geplunder, leeggedra, verniel, sy mense is verslae, hulle knieë knak, hulle kry krampe in die onderlyf, almal is bleek van die skrik.

¹¹Waar is die lêplek van die leeus nou, die jagveld van die jong leeus? Waar is die leeu en sy wyfie wat onbevrees met hulle welpies rondgeloop het?

¹²Waar is die leeu wat gevang het vir sy kleintjies, wat die nek van sy prooi vir sy wyfies gebreek het, wat sy boerplek vol vleis gemaak het, sy lêplek met wat hy gevang het?

¹³Ek tree teen jou op, Nineve, sê die Here die Almagtige. Ek laat jou strydwaens in vlamme opgaan, die swaard sal jou dapper leeus afmaai, Ek vee alles wat jy bymekaargemaak het, van die aarde af, jou gesante sal nie meer gehoor word nie.

Nahum 3

Nineve, jy sal nie herstel nie

¹Ellende wag vir jou, bloedbevlekte stad; jy is vol bedrog, gevul met buit, jy hou nie op met roof nie!

²Swepe klap, wiele dreun, perde jaag, strydwaens vat net hier en daar grond;

³ruiters galop, swaarde blink, spiese blits. Daar is baie gewondes, hope dooies, ontelbare lyke: mense struikel oor hulle!

⁴Dit kom van die hoer Nineve se onsedelikheid, die mooi vrou met haar toorkunste, wat volke verwoes het met haar hoerery, nasies met haar toorkunste.

⁵Ek tree teen jou op, sê die Here die Almagtige: Ek sal al jou klere uittrek, Ek sal volke jou kaal liggaam laat sien, koninkryke die skande van jou naaktheid.

⁶Ek sal jou aan minagting prysgee, Ek sal mis op jou gooi, en van jou so 'n spektakel maak

⁷dat elkeen wat jou sien, van jou af sal padgee en sê: “Nineve is verwoes! Wie is daar wat hom jammer kry? Waar sal ek gaan soek na mense wat jou kan troos? ”

⁸Is jy beter as No-Amon, die stad aan die Nyl, omring deur water, beskut deur massas water?

⁹Wat hom sterk gemaak het, was Kus en Egipte, en hulle wás sterk! Sy bondgenote was Put en Libië.

¹⁰Selfs No-Amon het 'n balling geword en is in gevangenskap weggevoer; ook sý babatjies is verpletter op al die straathoeke; sy aansienlikes is uitgeloot, al sy vername manne is met kettings geboei.

¹¹Ook jy sal dronk raak en beneweld word, ook jy sal soek na 'n skuilplek teen die vyand.

¹²Al jou vestings is soos vyebome met ryp voorvye: as die bome geskud word, val die vye in die eter se mond!

¹³Jou manskappe is soos vroumense. Die poorte van jou land staan wawyd oop vir jou vyande, vuur verteer jou sluitbalke.

¹⁴Skep vir jou water vir die beleëring, versterk jou vestings; spring in die modder, trap dit tot klei, gryp die steenvorm!

¹⁵Selfs dáár sal die vuur jou verteer, die swaard jou uitroei, jou vernietig asof jy 'n sprinkaan is. Word so baie soos sprinkane, vermeerder soos sprinkaanswerms!

¹⁶Jy het mos meer handelaars gehad as wat daar sterre aan die hemel is. Maar as sprinkane vervel het, vlieg hulle weg,

¹⁷en jou wagte is soos treksprinkane, jou bevelhebbers is soos 'n swerm sprinkane wat op die klipmure sit solank dit koud is, maar as die son opkom, vlieg hulle weg en niemand weet waarheen nie!

¹⁸Jou regeerders sluimer, koning van Assirië, jou vername mense slaap, jou manskappe is verstrooi op die berge en daar is niemand wat hulle bymekaarmaak nie.

¹⁹Jy is verwoes, en jy sal nie herstel nie, jou wond is dodelik; almal wat die tyding oor jou verneem, klap hande daaroor, want wie het nie almal voortdurend onder jou wreedhede gely nie?

Habakuk

Habakuk 1

Opskrif

¹'n Uitspraak van die Here wat Hy aan die profeet Habakuk geopenbaar het.

Habakuk se klag: Onreg

²Hoe lank moet ek om hulp roep voordat U hoor, Here, moet ek by U bly kla oor geweld voordat U red?

³Waarom laat U my die onreg sien wat gedoen word, waarom kyk U toe as daar soveel ellende is? Oral rondom my is daar onderdrukking en geweld, en word daar getwis en gebaklei.

⁴Die wet het nie meer krag nie, en daar geskied nie meer reg nie. Slegte mense het die oorhand oor die goeies, en so word die reg verkrag.

Die antwoord van die Here: Ek gaan iets doen

⁵Die Here het geantwoord: Kyk na die ander nasies: julle sal verstom staan oor wat julle sien. Ek gaan nog tydens julle lewe iets doen wat julle nie sal glo as dit vir julle vertel word nie.

⁶Ek gaan die Galdeërs laat kom, die wrede, woeste nasie wat dwarsoor die aarde rondtrek om lande te verower wat nie hulle s'n is nie.

⁷Hulle is 'n nasie wat vrees en ontsag inboesem, hulle ken net een wet, een trots, hulle eie.

⁸Hulle perde is vinniger as luiperds, vuriger as honger wolwe. Hulle ruiters kom aan op 'n galop, hulle kom van ver af, hulle vlieg soos arende wat op hulle prooi neerskiet.

⁹Hulle hele leërmag kom om verwoesting te saai, hulle kom aangestorm soos die oostewind en maak krygsgevangenes bymekaar soos sand.

¹⁰Die Galdeërs dryf die spot met konings en lag maghebbers uit. Hulle lag oor al die vestingstede: hulle gooi grondwalle teen die stede op en neem hulle in.

¹¹Dan jaag hulle verder, hulle trek verby soos die wind. Vir hierdie sondige nasie is sy eie mag sy god.

Habakuk se tweede klag: Waarom bly U stil?

¹²U is tog van altyd af daar, Here; U is my heilige God; ons sal nie sterwe nie. U, Here, het die Galdeërs aangestel om die vonnis te voltrek, U, ons Rots, het hulle die mag gegee om ons te straf.

¹³U oë is te rein om toe te kyk terwyl daar verkeerd gedoen word, U kan tog nie sien dat daar ellende is en niks doen nie! Waarom doen U dan niks aan die trouelose mense nie, waarom bly U stil wanneer slegte mense dié vernietig wat beter as hulle is?

¹⁴Hoe kan U mense behandel asof hulle visse is, asof hulle kruipende insekte sonder leier is?

¹⁵Die Galdeërs vang mense met hoeke, trek hulle vas in nette, maak hulle bymekaar in treknette, en juig en jubel oor die vangs!

¹⁶Die Galdeërs bring selfs offers vir hulle nette, brand wierook vir hulle treknette, want deur die nette leef hulle in weelde en het hulle volop kos!

¹⁷Sal hulle maar deurentyd voortgaan om hulle nette uit te skud, om nasies meedoënloos om die lewe te bring?

Habakuk 2

Die antwoord van die Here: Wie reg doen, sal lewe

¹Ek wil op my uitkyktoring gaan staan, my plek op die vestingmuur gaan inneem, ek wil wag om te verneem wat die Here vir my sal sê en wat ek moet antwoord wanneer mense my verwytt.

²Die Here het toe vir my gesê: Skryf wat Ek aan jou gaan openbaar duidelik op kleitablette sodat mense dit sommer in die verbygaan kan lees.

³Die openbaring geld vir 'n bepaalde tyd; dit sal gou kom want dit kom beslis. Jy moet net geduldig bly wag as dit nie gou kom nie, want dit kom beslis, dit sal nie uitbly nie.

⁴Dit is die boodskap: Wie nie reg gesind is nie, sal sy verdiende loon kry, maar wie reg doen, sal lewe omdat hy getrou bly.

Oordeel oor die Galdeërs

⁵'n Hooghartige mens wat hom deur sy rykdom laat mislei, sal nie in sy doel slaag nie, al is hy so gulsig soos die doderyk, so onversadigbaar soos die dood, al versamel hy al die nasies rondom hom, al maak hy gevangenes van al die volke.

⁶Dieselfde volke sal spotliedjies oor hom sing en met minagting na hom verwys. Hulle sal sê: Ellende wag vir hom wat hom verryk met goed wat nie syne is nie, wat vir hom al meer goed inpalm wat verpand is. Hoe lank sal dit nog voortduur?

⁷Die tyd kom vinnig nader dat jy self in die skuld sal wees, dat skuldeisers vir wie jy sidder, skielik voor jou sal staan en jou sal kaalstroop.

⁸Jy het baie nasies geplunder, maar nou sal dié wat oorgebly het, jou plunder, want jy het baie bloed vergiet, geweld gepleeg in baie lande, teen stede en teen hulle inwoners.

⁹Ellende wag vir hom wat hom ten koste van ander wou verryk en daardeur 'n ramp oor sy familie gebring het, hy wat vir hom 'n hoë nes wou bou juis om 'n ramp vry te spring.

¹⁰Met jou geknoei het jy jou familie se ondergang bewerk; jy wou baie volke uitroei, maar daarmee het jy 'n einde aan jou eie lewe gemaak.

¹¹Selfs die klippe in die mure skreeu oor wat jy gedoen het, en die balke skreeu saam.

¹²Ellende wag vir hom wat 'n stad bou met moord, wat 'n dorp aanlê met onreg.

¹³Dit is die Here die Almagtige wat dit beskik het dat dít waarvoor volke gewerk het in vlamme opgegaan het, dat volke hulle tevergeefs afgesloof het.

¹⁴Soos waters die seebodem bedek, so sal die magtige teenwoordigheid van die Here oral op die aarde geken word.

¹⁵Ellende wag vir hom wat, toe hy vir 'n ander drank gegee het, dit met gif gemeng het en hom dronk gemaak het om na sy kaal geslagsdele te kan kyk.

¹⁶Jy sal self met skande in plaas van met eer oorlaai word, jy sal self dronk word en jou ontbloot! Die Here sal jou die oordeelsbeker wat in sy hand is, gee om te drink, en jou eer sal in skande verander word.

¹⁷Jou geweld teen die Libanon sal jouself tref, jou mishandeling van die diere op die Libanon sal jouself vernietig. Jy het baie bloed vergiet, jy het geweld gepleeg teen baie lande, teen stede met hulle inwoners.

¹⁸Wat is die nut van 'n afgod? Dit is maar net iets wat deur 'n mens gemaak is, 'n beeld waarvan net bedrog te wagte kan wees. Wat baat dit die maker om op sy maaksel te vertrou as hy 'n afgod gemaak het wat nie eens kan praat nie?

¹⁹Ellende wag vir hom wat vir 'n stuk hout sê: “Word wakker!” of vir 'n dooie stuk klip: “Staan op!” Kan 'n afgod jou iets leer? Al is hy met goud of silwer oorgetrek, is daar geen lewe in hom nie.

²⁰Die Here is in sy heilige tempel: almal op aarde moet in sy teenwoordigheid stil wees!

Habakuk 3

Habakuk se gebed

¹'n Gebed van die profeet Habakuk. Op die wysie van 'n klaaglied.

²Here, ek het gehoor wat van U vertel is en ek is vervul met ontsag vir wat U gedoen het. Doen dit tog ook in ons tyd, laat u dade ook in ons tyd ervaar word, ontferm U selfs in u toorn.

³God kom van Teman af, die Heilige kom van Paranberg af. *Sela* Die hemelruim is vol van sy majesteit, die aarde vol van sy roem.

⁴Hy kom met die glans van die lig, weerligte blits uit sy hand, sy hand so vol mag.

⁵Voor Hom uit gaan die pes, in sy voetstappe volg die dood.

⁶Wanneer Hy staan, skud die aarde; wanneer Hy kyk, bewe die nasies. Die eeue-oue berge verkrummel, die ou-ou heuwels val inmekaar, die berge waaroor Hy van ouds af gewandel het!

⁷Ek het gesien hoe onheil die tente van Kusan tref, hoe die tentdoeke van Midian bewe.

⁸Was U kwaad vir die riviere, Here? Het u toorn teen die strome ontvlam? Het die see U woedend gemaak dat U op u perde gery het, op die strydwaens waarmee U oorwin?

⁹U het u boog uitgehaal en met 'n eed die opdrag aan die pyle bevestig. *Sela* U het die aarde oopgebreek en riviere laat stroom.

¹⁰Toe die berge U sien, het hulle gebewe, stormwaters het verbygespoel, die diep water het gedreun en sy golwe hoog laat opslaan.

¹¹Toe u vlieënde pyle blits en u blink spies flikker, het die son en die maan gaan stilstaan op hulle plek.

¹²In u gramskap stap U oor die aarde, in u toorn vertrap U die nasies.

¹³U het uitgegaan om u volk te red, om u gesalfde koning te red. U verpletter die aanvoerder van die goddeloses, U stroop hulle kaal van kop tot tone. *Sela*

¹⁴Met sy eie pyle deurboor U die aanvoerder wanneer sy manskappe uitstorm om ons te verstrooi terwyl hulle jubel soos dié wat die ellendiges in hulle skuilplekke verslind.

¹⁵U trek deur die see met u perde sodat die magtige waters bruis.

¹⁶Toe ek hierdie dinge hoor, het ek gesidder, my lippe het gebewe, my hele liggaam het lam geword, my bene het aan die ruk gegaan. Tog sal ek geduldig wag dat die dag van die oordeel moet kom oor die volk deur wie ons aangeval is.

¹⁷Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees,

¹⁸nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God, my Redder.

¹⁹Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok,
op hoë plekke laat Hy my veilig loop. Vir die koorleier. Met snarespel.

Sefanja

Sefanja 1

¹Die woord van die Here wat gekom het tot Sefanja seun van Kusi, seun van Gedalja, seun van Amarja, seun van Hiskia. Dit het gebeur in die regeringstyd van koning Josia van Juda, seun van Amon.

Ek gaan 'n einde maak aan alles op aarde

²Ek gaan 'n einde maak aan alles op aarde, sê die Here,

³Ek gaan 'n einde maak aan mens en dier, aan voëls en visse, Ek gaan 'n einde maak aan dié wat mense laat struikel het, en aan die goddeloses; Ek gaan die mense van die aarde af uitroei, sê die Here.

⁴Ek gaan my hand uitsteek teen Juda en teen al die inwoners van Jerusalem, Ek gaan uit hierdie plek uitroei wat daar nog van Baäl oor is: die naam van die afgodspriesters, van alle priesters:

⁵dié wat op die dakke die hemelliggame aanbid, dié wat die Here aanbid en aan Hom trou sweer maar terselfdertyd ook aan Milkom,

⁶dié wat die rug vir die Here draai, na sy wil nie vra nie en Hom nie raadpleeg nie.

Die dag van die Here is naby

⁷Wag in stilte op die Here God! Die dag van die Here is naby! Hy het 'n maaltyd voorberei, en dié wat Hy genooi het, gewy.

⁸Op die dag van die maaltyd sal Ek, die Here, die amptenare en die prinse straf, almal wat uitlandse klere dra.

⁹Daardie dag sal Ek almal straf wat uit bygeloof nie eens op 'n drumpel trap nie en wat die huis van hulle Koning met geweld en bedrog vul.

¹⁰Daardie dag, sê die Here, sal daar noodkrete klink uit die Vispoort uit, gehuil uit die tweede stadswyk, harde smartkrete van die heuwels af.

¹¹Huil, inwoners van die Vysel, want al die handelaars word uitgedelg, almal wat geld afweeg, word uitgeroei.

¹²Daardie tyd sal Ek Jerusalem met lampe deursoek en die mense straf wat in hulle selftevreedenheid dink: die Here doen nie goed óf kwaad nie.

¹³Hulle besittings sal geplunder word, hulle huise verwoes word. Hulle sal huise bou, maar nie daarin woon nie, wingerde plant, maar nie die wyn drink nie.

¹⁴Die groot dag van die Here is naby, baie naby, dit kom gou. Luister hoe bitter, hoe skril klink die geskreeu van die soldate dié dag!

¹⁵Dié dag is 'n dag van toorn, 'n dag van nood en benoudheid, 'n dag van storms en verwoesting, 'n dag van donkerte, van duisternis, 'n dag van wolke, van swaar onweer,

¹⁶'n dag waarop die ramshoring sal blaas en die krygsgeskreeu sal klink teen die vestingstede, teen die hoë hoektorings.

¹⁷Ek laat angs die mense pak sodat hulle soos blindes loop, want hulle het teen My gesondig. Hulle bloed sal vergiet word asof dit so min werd is as stof, asof hulle liggame niks meer as uitwerpsel is nie.

¹⁸Nóg hulle silwer nóg hulle goud sal hulle kan red op die dag wanneer die toorn van die Here losbreek, wanneer die hele land verteer word deur die vuur van sy woede. Hy bring vernietiging en skrik oor al die inwoners van die land.

Sefanja 2

¹Ruk julle reg, onbeskaamde nasie,

²voordat die besluit voltrek word, voordat die dag kom en julle soos kaf word voor die gloed van die toorn van die Here, voordat die dag van die toorn van die Here oor julle kom.

³Vra na die wil van die Here, alle nederiges in die land, almal wat doen wat die Here wil. Streef na geregtigheid, na nederigheid! Miskien bly julle die straf gespaar op die dag van die toorn van die Here.

Ellende wag vir dié wat aan die kus woon

⁴Gasa sal verlate lê, Askelon sal geen inwoners hê nie, Asdod sal helder oordag ontvolk word, Ekron sal verwoes word.

⁵Ellende wag vir dié wat aan die kus woon, dié wat van Kreta af kom! Die woord van die Here is teen julle: Ek gaan jou, Kanaän, Filistyneland, so vernietig dat daar niemand in jou woon nie:

⁶die kusstreek sal net 'n weiveld wees waar wagters vee laat wei, 'n plek vir kleinveekrale.

⁷Die kusstreek sal die eiendom word van wat daar oor is van Juda: hulle is die kudde wat daar sal wei en snags in die huise van Askelon sal slaap, want die Here hulle God sal Hom oor hulle ontferm en hulle lot verander.

Die Here moet deur almal gevrees word

⁸Ek het gehoor hoe Moab my volk verkleineer het, hoe die Ammoniete hom met minagting behandel het, hoe aanmatigend hulle was teenoor my volk se grondgebied.

⁹So seker as Ek leef, sê die Here die Almagtige, die God van Israel: Moab sal soos Sodom word en die Ammoniete soos Gomorra: 'n veld vol dorings en soutpanne, vir altyd verlate. Dié lande sal buit word vir wat daar oor is van my volk; dié wat oorgebly het van die nasie wat aan My behoort, sal hulle in besit neem.

¹⁰Dit gebeur met Moab en die Ammoniete omdat hulle so hooghartig was, omdat hulle die volk van die Here die Almagtige verkleineer het en aanmatigend was teen die volk.

¹¹Ontslagwekkend is die Here bo almal. Hy laat al die gode op die aarde wegteer sonder offers, en al die kuslande van die nasies buig voor Hom, elkeen op sy eie plek.

¹²Ook julle, Kussiete, word deur die swaard van die Here afgemaai.

¹³Daarna steek Hy sy hand uit teen die noorde en maak Hy 'n einde aan Assirië: Hy maak Nineve 'n stad sonder inwoners, 'n droë weiveld.

¹⁴Kuddes vee sal daar lê en herkou, allerlei troppe diere. Pelikane en uile sal op die stad se mooi pilare slaap, die wind sal deur die vensters huil. Die verwoesting sal selfs die drumpels tref, want die sederhout sal afgestroop word.

¹⁵Dit is wat sal word van die uitgelate stad wat so onbesorg daar lê, wat dink: daar is nie nog 'n stad soos ek nie. Hy gaan verwoes word, 'n lêplek vir diere. Elkeen wat daar verbykom, sal fluit van verbasing en sy hande saamslaan.

Sefanja 3

Dié wat van Israel oorgebly het, sal nie onreg doen nie

¹Ellende wag vir Jerusalem, die opstandige, besoedelde stad waarin daar soveel verdrukking is.

²Hy is ongehoorsaam en wil hom nie laat tereg wys nie, hy vertrou nie op die Here nie en dien nie sy God nie.

³Die amptenare in die stad is brullende leeus; sy regters is wolwe wat snags aas soek en tot die môre toe nie genoeg kry om aan te knaag nie;

⁴sy profete is roekelose, trouelose mense; sy priesters ontwy wat gewyd is en doen die wet van die Here geweld aan.

⁵In dié stad is die Here die regverdige, net Hy doen nie onreg nie. Hy gee môre vir môre sy beslissing; sy beslissing bly nie een dag uit nie en tog ken dié wat onreg doen, geen skaamte nie.

⁶Ek het nasies uitgeroei, hulle vestings is vernietig. Ek het hulle paaie verlate gemaak, sonder iemand wat daar loop. Hulle stede is verwoes, daar is niemand nie, nie een inwoner nie.

⁷Ek het gedink Jerusalem sal nou vir My ontsag hê en hom laat tereg wys, sodat sy woonplek nie vernietig word en al my straf hom tref nie. Maar hy het gretig bly sondig met alles wat hy doen.

⁸Daarom, wag vir My in vrees, sê die Here, wag vir die dag wanneer Ek opstaan en my buit kom vat. Ek het besluit om nasies bymekaar te maak, koninkryke saam te roep en op hulle my gramskap uit te stort, die volle gloed van my toorn: die hele aarde sal verteer word in die vuur van my woede.

⁹Ek sal die volke verander, hulle lippe rein maak, sodat hulle almal My sal aanroep en soos een man My sal dien.

¹⁰Van anderkant die riviere van Kus af sal dié wat My vereer, my verstrooide volk, vir My geskenke bring.

¹¹Daardie dag sal jy nie meer rede hê om jou te skaam dat jy opstandig teen My was met alles wat jy gedoen het nie, want Ek gaan uit jou uithaal dié wat hulle so verheug het in jou hovaardigheid; jy sal nie meer vol hoogmoed wees daar op my heilige berg nie.

¹²Ek sal in jou laat oorbly net dié wat nederig en ootmoedig is en vertrou op die Naam van die Here.

¹³Dié wat van Israel oorgebly het, sal nie onreg doen nie en nie lieg nie; daar sal uit hulle mond nie valsheid kom nie. Hulle sal 'n kudde wees wat wei en gaan lê en rus sonder dat iemand hulle skrikmaak.

Ek gee aan julle roem en eer

¹⁴Sing, Sion! Juig, Israel! Wees met alles wat jy is, vrolik en bly, Jerusalem!

¹⁵Die Here het 'n einde gemaak aan jou straf, Hy het jou vyande laat padgee. Die Koning van Israel, die Here, is by jou; jy hoef geen ramp meer te vrees nie.

¹⁶Daardie dag sal daar vir Jerusalem gesê word: Moenie bang wees nie, Sion, moenie jou hande moedeloos laat hang nie!

¹⁷Die Here jou God is by jou, Hy, die krygsman wat red. Hy is vol vreugde oor jou, Hy is stil-tevrede in sy liefde. Hy jubel en juig oor jou:

¹⁸Ek maak dié bymekaar wat treur, ver van die feestelikheid af, dié wat uit jou uit kom en ter wille van jou die smaad gedra het.

¹⁹Ek gaan nou optree teen almal wat jou verdruk het, Ek gaan die kreupeles help, die verstrooides bymekaarmaak en die vernedering wat hulle moes ondergaan, in eer verander, in roem oor die hele aarde.

²⁰Wanneer die tyd daar is, laat Ek julle kom, maak Ek julle bymekaar en gee Ek aan julle roem en eer onder al die volke op aarde; dit is die tyd wanneer Ek julle lot verander, julle sal dit met julle eie oë sien, sê die Here.

Haggai

Haggai 1

Herbou my huis

¹Die woord van die Here het deur die profeet Haggai gekom tot Serubbabel, seun van Sealtiel en goewerneur van Juda, en tot die hoëpriester Jesua seun van Josadak. Dit was op die eerste dag van die sesde maand in die tweede regeringsjaar van koning Darius.

²So sê die Here die Almagtige: Hierdie volk sê dit is nie nou die tyd om die tempel te herbou nie.

³Toe het die woord van die Here weer deur die profeet Haggai gekom:

⁴Is dit nou die tyd vir julle om in pragtige huise te woon terwyl my huis in puin lê?

⁵Daarom, so sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur.

⁶Julle het baie gesaai, maar min geoes; julle het geëet, maar nie genoeg gekry nie; julle het gedrink, maar dors gebly; julle het klere aangetrek, maar nie warm geword nie; julle is soos 'n dagloner wat sy loon in 'n stukkende beursie steek.

⁷So sê die Here die Almagtige: Neem ter harte wat met julle gebeur.

⁸Gaan haal hout in die berg en herbou my huis sodat Ek my eer kan ontvang en tevrede kan wees, sê die Here.

⁹Julle het 'n groot oes verwag, maar min gekry, en wat julle nog huis toe gebring het, het Ek laat verdwyn. Waarom? vra die Here die Almagtige. Omdat my huis in puin lê, terwyl elkeen van julle hard besig is om aan sy eie huis te werk.

¹⁰Dit is oor julle dat die hemel sy reën en die aarde sy opbrengs teruggehou het.

¹¹Ek het droogte laat kom oor die land en oor die berge, oor die koring, die wyn en die olie en oor die opbrengs van die land, oor mens en dier en oor alles waarmee die mens hom besig hou.

¹²Toe het Serubbabel seun van Sealtiel, en die hoëpriester Jesua seun van Josadak, en almal wat van die volk oorgebly het, ter harte geneem wat die Here hulle God gesê het, wat die profeet Haggai in opdrag van die Here hulle God gesê het. Die volk was vervul met ontsag vir die Here.

¹³Haggai die boodskapper van die Here het in opdrag van die Here vir die volk gesê: Ek is by julle, sê die Here.

¹⁴Die Here het toe vir Serubbabel, seun van Sealtiel en goewerneur van Juda, en vir die hoëpriester Jesua seun van Josadak, en vir almal wat van die volk oorgebly het, aangevuur, en hulle het die werk aan die huis van hulle God, die Here die Almagtige, aangepak.

¹⁵Hulle het daarmee begin op die vier en twintigste van die sesde maand.

Haggai 2

My Gees sal altyd by julle bly

¹Op die een en twintigste van die sewende maand, in die tweede regeringsjaar van koning Darius, het die woord van die Here weer deur die profeet Haggai gekom:

²Vra tog vir Serubbabel, seun van Sealtiel en goewerneur van Juda, en vir die hoëpriester Jesua seun van Josadak, en vir almal wat van die volk oorgebly het:

³Wie van julle het gesien hoe mooi die vorige tempel was? Hoe lyk dié een vir julle? Lyk hy nie na niks in vergelyking met die vorige nie?

⁴Maar nou, Serubbabel, skep moed, sê die Here, en jy Jesua seun van Josadak, hoëpriester, skep moed, en julle almal, burgers van die land, skep moed, sê die Here! Begin met die werk, want Ek is by julle, sê die Here die Almagtige.

⁵My belofte wat Ek met die uittoeg uit Egipte aan julle gemaak het, sal Ek nakom: my Gees sal altyd by julle bly. Moenie bang wees nie!

⁶So sê die Here die Almagtige: Nog een keer, binnekort, sal Ek hemel en aarde, see en land laat bewe.

⁷Dan sal Ek al die nasies laat wakker skrik en hulle sal met hulle skatte kom en so sal Ek hierdie huis met rykdom vul, sê die Here die Almagtige.

⁸Aan My behoort al die silwer, aan My al die goud, sê die Here die Almagtige.

⁹Die roem van die tempel sal in die toekoms groter wees as in die verlede, sê die Here die Almagtige. Op hierdie plek sal Ek vrede gee, sê die Here die Almagtige.

¹⁰Op die vier en twintigste van die negende maand, in die tweede regeringsjaar van Darius, het die woord van die Here tot die profeet Haggai gekom:

¹¹So sê die Here die Almagtige: Vra tog by die priesters leiding oor hierdie saak:

¹²As iemand vleis wat aan die Here gewy is, in die sak van sy klere dra, en hy raak met die sak aan brood of groente of wyn of olie of enige ander soort kos, sal dié dinge dan gewy wees? Die priesters antwoord toe: “Nee! ”

¹³Toe sê Haggai: As iemand wat onrein is deurdat hy aan 'n lyk geraak het, aan hierdie dinge sou raak, sou hulle dan onrein word? Die priesters het geantwoord: “Ja, dit sal onrein word! ”

¹⁴Haggai sê toe: Só is hierdie volk, hierdie nasie in my teenwoordigheid, sê die Here, só is alles wat hulle doen: elke offer wat hulle na my tempel toe bring, is onrein!

¹⁵Let daarom op wat in die verlede en tot nou toe gebeur het: voordat julle begin het om die tempel van die Here te herbou,

¹⁶het julle by 'n hoop koring gekom en net die helfte van wat julle geskat het, daaruit gedors. Julle het na 'n parskuip toe gegaan om vyftig vate vol te skep, maar julle het net twintig gekry.

¹⁷Ek het julle oes, die vrug van julle handewerk, swaar getref met brandkoring, heuningdou en hael, en nogtans het niemand hom tot My bekeer nie, sê die Here.

¹⁸Maar nou, let op wat van vandag af en verder sal gebeur, van die vier en twintigste dag van die negende maand af, die dag waarop die fondamente van die tempel van die Here gelê is. Let op!

¹⁹Is daar nog saad in die skuur? Tot nou toe het julle wingerde, julle vyeboom, julle granaatboom en julle olyfboom nie gedra nie, maar van nou af sal Ek voorspoed gee!

²⁰Op die vier en twintigste van die negende maand het die woord van die Here nog 'n keer tot Haggai gekom:

²¹Sê vir Serubbabel die goewerneur van Juda: Ek gaan die hemel en die aarde laat bewe.

²²Ek gaan die trone van konings omgooi en die mag van die koninkryke van die nasies vernietig. Ek gaan strydwaens met bemanning en al omgooi. Perde met hulle ruiters sal omkom, die een sal die ander met die swaard doodmaak.

²³Daardie dag sal Ek jou vat, sê die Here die Almagtige, en jou, my dienaar Serubbabel seun van Sealtiel, 'n seëlring maak, want Ek het jou uitgekies, sê die Here die Almagtige.

Sagaria

Sagaria 1

Moenie soos julle voorvaders wees nie

¹In die agste maand van die tweede regeringsjaar van Darius het die woord van die Here gekom tot die profeet Sagaria seun van Berekja, seun van Iddo:

²Die toorn van die Here het oor julle voorvaders losgebreek.

³En nou moet jy vir jou volk sê: So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle tot My, sê die Here die Almagtige, dan sal Ek weer by julle wees, sê die Here die Almagtige.

⁴Moenie soos julle voorvaders wees nie. Die profete van vroeër het hulle aangespreek en gesê: “So sê die Here die Almagtige: Bekeer julle van julle slegte lewe en julle slegte dade!” Maar hulle was ongehoorsaam, hulle het hulle nie aan My gesteur nie, sê die Here.

⁵Waar is julle voorvaders nou? En die profete? Leef hulle vir altyd?

⁶Het die uitsprake, die voorskrifte wat Ek my dienaars die profete laat maak het, dan nie julle voorvaders ingehaal nie? Hulle moes erken: Die Here die Almagtige het met ons gedoen wat Hy Hom voorgeneem het om met ons te doen, presies volgens ons lewe en ons dade.

Die eerste gesig: die ruiters

⁷Op die vier en twintigste dag van die elfde maand, die maand Sebat, in die tweede regeringsjaar van Darius, het die woord van die Here gekom tot die profeet Sagaria seun van Berekja, seun van Iddo.

⁸Ek het in die nag 'n gesig gesien. Daar het 'n man op 'n bruin perd gesit. Hy was tussen die mirtestruike in 'n diep kloof, en agter hom was ruiters op bruin en vos en wit perde.

⁹Ek het gevra: “Wat beteken dit, Meneer?” ‘n Engel wat vir my die gesig moes uitlê, het vir my gesê: “Ek sal jou laat sien wat dit beteken.”

¹⁰Toe praat die man wat tussen die mirte was. Hy het gesê: “Dit is die ruiters wat deur die Here uitgestuur is om die wêreld te deurkruis.”

¹¹Die ruiters sê toe vir die engel van die Here, vir die engel wat tussen die mirte was: “Ons hét die wêreld deurkruis, en die hele wêreld is rustig en stil.”

¹²Toe sê die engel wat vir my die gesig moes uitlê, die engel van die Here: “Here, Almagtige, hoe lank gaan dit nog duur voordat U U weer oor Jerusalem en die stede van Juda ontferm? U toorn rus nou al sewentig jaar op hulle! ”

¹³Die Here het die engel vriendelik geantwoord en hom bemoedig.

¹⁴Daarna sê die engel vir my: “Roep en sê: So sê die Here die Almagtige: Ek is hartstogtelik begaan oor Jerusalem, oor Sion.

¹⁵My toorn gaan losbreek teen die nasies wat nou so sorgvry woon, want my toorn teen Jerusalem was nie so groot nie; dit is die heidennasies wat dit so 'n groot ramp laat word het.

¹⁶Daarom, so sê die Here, gaan Ek My weer oor Jerusalem ontferm: my tempel daar gaan herbou word, sê die Here die Almagtige, Jerusalem sal opnuut as stad uitgelê word.

¹⁷“Roep weer en sê: So sê die Here die Almagtige: My stede sal weer oorstrom word deur voorspoed. Ek, die Here, gaan weer genade betoon aan Sion, Ek gaan Jerusalem weer my woonplek maak.”

Die tweede gesig: die horings

¹⁸Ek het weer 'n gesig gesien. Daar was vier horings,

¹⁹en ek het vir die engel wat vir my die gesig moes uitlê, gevra: “Wat beteken dit? ” Hy het vir my gesê: “Dit is die horings wat vir Juda, Israel en Jerusalem verstrooi het.”

²⁰Toe laat die Here my vier ambagsmanne sien,

²¹en ek vra: “Wat het hulle kom doen? ” Hy het geantwoord: “Daardie horings het die mense van Juda verstrooi en verneder. Die ambagsmanne het gekom om die regeerders van die nasies, die horings wat vir Juda met soveel geweld verstrooi het, die skrik op die lyf te ja en hulle tot 'n val te bring.”

Sagaria 2

Die derde gesig: die man met die maatlyn

- ¹Ek het weer 'n gesig gesien. Daar was 'n man met 'n maatlyn in die hand,
- ²en ek het gevra: “Waar gaan u heen? ” Hy het vir my gesê: “Ek gaan Jerusalem uitmeet om te sien hoe breed en hoe lank hy moet wees.”
- ³Die engel wat vir my die gesig moes uitlê, gaan toe vorentoe en kry 'n ander engel wat na hom toe kom.
- ⁴Hy het vir dié engel gesê: “Hardloop en sê vir daardie jongman: Jerusalem gaan 'n stad sonder mure word, so baie mense en diere gaan daar in hom wees.
- ⁵Die Here sê: Ek sal 'n muur van vuur rondom die stad wees, my magtige teenwoordigheid sal binne-in hom wees.”
- ⁶Kom, kom, vlug uit die noordland! sê die Here. Ek het julle na die vier windstreke toe verstrooi, sê die Here.
- ⁷Kom, Sion, jy wat in Babel woon, kom weg daar!
- ⁸So sê die Here die Almagtige wat my met volmag gestuur het na die nasies toe wat oorlogsbuit van julle gemaak het: Wie aan julle vat, vat aan my oogappel.
- ⁹Met een waai van my hand teen hulle gaan Ek hulle die gevangenes van hulle eie slawe maak. Wanneer dit gebeur, sal julle weet dat die Here die Almagtige my gestuur het.
- ¹⁰Juig, Sion, wees bly! Ek kom, Ek gaan binne-in jou woon, sê die Here.
- ¹¹Daardie dag sal baie nasies hulle aan die Here verbind: hulle sal my volk wees, en Ek sal in jou woon, Sion. Wanneer dit gebeur, sal jy weet dat die Here die Almagtige my na jou toe gestuur het.
- ¹²Daar, op die heilige grond, sal die Here weer vir Juda in besit neem as die volk wat Hom toekom, sal Hy Jerusalem weer sy woonplek maak.
- ¹³Wees stil voor die Here, al wat leef! Hy kom uit sy heilige woning te voorskyn!

Sagaria 3

Die vierde gesig: die hoëpriester Jesua

¹Die Here het my 'n gesig laat sien. Ek het die hoëpriester Jesua voor die engel van die Here sien staan, en regs van hom het die Satan gestaan, besig om Jesua aan te kla.

²Die Here het vir die Satan gesê: Ek sal jou straf, Satan, Ek wat Jerusalem my woonplek gemaak het, sal jou straf. Hierdie man is soos 'n stuk hout wat uit die vuur gered is.

³Jesua het klere aangehad wat liederlik bevuil was. Hy het daar voor die engel gestaan,

⁴en die engel het vir sy helpers gesê: “Trek uit dié liederlike vuil klere van hom.” Vir Jesua het hy gesê: “Ek het jou jou oortredings vergewe en Ek gaan vir jou skoon klere aantrek.”

⁵Toe sê ek: “Hulle moet 'n skoon tulband op sy kop sit! ” Hulle het die skoon tulband op sy kop gesit en hom aangetrek terwyl die engel van die Here daar by staan.

⁶Daarna het die engel van die Here vir Jesua belowe:

⁷“So sê die Here die Almagtige: As jy lewe soos Ek dit wil, as jy die voorskrifte vir my diens onderhou, sal jy die gesag hê oor my huis, die verantwoordelikheid dra vir my heiligdom. Jy sal toegang tot My hê, net soos hierdie engele.

⁸Luister, Jesua, hoëpriester, jy en jou vriende wat voor jou sit: jou vriende is 'n teken van iets wat kom. Ek gaan my dienaar Loot nou bring.

⁹Ek sit voor Jesua 'n klip neer, en op hierdie een enkele klip is daar sewe oë. Ek gaan nou 'n graveersel daarop aanbring, sê die Here die Almagtige, en Ek gaan die sonde van hierdie land op een enkele dag wegneem.

¹⁰Daardie dag, sê die Here die Almagtige, sal die mense weer rustig oor en weer na mekaar roep onder die wingerdstokke en die vyeboom.

Sagaria 4

Die vyfde gesig: die kandelaar

- ¹Die engel wat vir my die gesigte moes uitlê, het teruggekom en my wakker gemaak, net soos 'n mens uit sy slaap wakker gemaak word.
- ²Hy het vir my gevra: “Wat sien jy? ” maar hy het self voortgegaan: “Ek het gesien daar is 'n kandelaar, heeltemal van goud; bo-op is 'n oliebak met sewe tuite en sewe lamppitte in elkeen.
- ³By die kandelaar is twee olyfbome, een regs van die oliebak en een links.”
- ⁴Ek vra toe vir die engel wat vir my die gesigte moes uitlê: “Wat beteken dit, Meneer? ”
- ⁵Hy het geantwoord: “Weet jy nie wat dit beteken nie? ” Ek het gesê: “Nee, Meneer.”
- ⁶Toe sê hy vir my: “Hier is die boodskap van die Here aan Serubbabel: Nie met mag en krag sal jy slaag nie, maar deur my Gees, sê die Here die Almagtige.”
- ⁷Selfs die grootste berg sal voor Serubbabel 'n gelykte word. As Serubbabel die laaste klip van die tempel op sy plek sit, sal die mense roep: “Mooi, mooi! ”
- ⁸Daarna kom die woord van die Here tot my:
- ⁹Serubbabel se hande het hierdie tempel se fondamente gelê, sý hande sal dit klaar bou. Dan sal julle weet dat die Here die Almagtige my na julle toe gestuur het.
- ¹⁰Moenie die dag van klein dingetjies gering ag nie. Die mense sal bly wees wanneer hulle sien Serubbabel gaan aan met die bouwerk. Daardie sewe oë op die klip voor Jesua is die oë van die Here wat oor die hele wêreld kyk.
- ¹¹Toe vra ek vir die engel: “Wat beteken daardie twee olyfbome weerskante van die kandelaar? ”
- ¹²En verder het ek ook vir hom gevra: “Wat beteken die twee bondels olyftakkies langs die twee goue pype waaruit die goudkleurige olie stroom? ”
- ¹³Hy het vir my gesê: “Weet jy nie wat dit beteken nie? ” en ek het gesê: “Nee, Meneer.”

¹⁴Toe sê hy: “Dit is die twee gesalfdes wat in diens staan van Hom aan wie die hele aarde behoort.”

Sagaria 5

Die sesde gesig: die boekrol

¹Ek het weer 'n gesig gesien. Daar was 'n boekrol wat in die lug sweef.

²Die engel het vir my gevra: “Wat sien jy? ” en ek het gesê: “Ek sien 'n boekrol wat in die lug sweef. Dit is nege meter lank en vier en 'n half meter breed.”

³Toe sê die engel vir my: “Dit is die vervloeking wat oor die hele aarde strek, want elke dief het tot nou toe ongestraf gebly, en elkeen wat 'n vals eed aflê, het tot nou toe ongestraf gebly.”

⁴Ek stuur die vervloeking, sê die Here die Almagtige. Dit sal in die dief se huis ingaan, en in die huis van dié wat in my Naam 'n vals eed aflê. Dit sal daar bly en die huis verwoes, hout en klip, alles.

Die sewende gesig: die mandjie

⁵Die engel wat vir my die gesigte moes uitlê, het vorentoe gekom en vir my gesê: “Kyk daar! Kyk wat kom daar aan.”

⁶Ek het gevra: “Wat is dit? ” en hy het gesê: “Dit is 'n graanmandjie wat aankom.” Hy het bygevoeg: “Dit bevat die sonde van almal op aarde.”

⁷Toe word die ronde looddeksel van die mandjie opgelig, en daar sit 'n vrou binne-in die mandjie!

⁸Die engel het gesê: “Dit is die goddeloosheid! ” Hy het haar teruggestamp in die mandjie en die looddeksel oor die bek toegeklap.

⁹Toe sien ek twee vroue aankom wat met vlerke op die wind sweef, vlerke soos dié van 'n grootsprinkaanvoël. Hulle het die mandjie opgetel en is daarmee die lug in.

¹⁰Ek vra toe die engel wat vir my die gesigte moes uitlê: “Waarheen gaan hulle met die mandjie? ”

¹¹Hy het geantwoord: “Hulle gaan vir die mandjie 'n huis bou in Sinar. As dit klaar is, sal die mandjie daar op die plek gesit word waar hy hoort.”

Sagaria 6

Die agste gesig: die strydwaens

¹Ek het weer 'n gesig gesien. Daar was vier strydwaens wat tussen twee berge uitgekom het, berge van koper.

²Voor die eerste strydwa was bruin perde en voor die tweede swartes.

³Voor die derde was wit perde en voor die vierde skimmels.

⁴Ek het vir die engel wat vir my die gesigte moes uitlê, gevra: “Wat beteken dit, Meneer? ”

⁵Hy het vir my gesê: “Die strydwaens het gestaan voor Hom aan wie die hele aarde behoort. Nou gaan hulle in die vier windrigtings.

⁶Die strydwa met die swart perde gaan noord, dié met die wittes gaan agterna, en dié met die skimmels gaan suid.”

⁷Toe die skimmel perde wegtrek, wou hulle die aarde deurkruis, maar eers toe die engel sê: “Spring weg, deurkruis die aarde! ” het hulle dit gedoen.

⁸Die engel het vir my gekree: “Kyk, dié wat noord gaan, bring die Gees van die Here daarheen! ”

Die bevel om Jesua te kroon

⁹Die woord van die Here het tot my gekom en gesê:

¹⁰Gaan vandag nog na die huis van Josia seun van Sefanja toe waar die ballinge Geldai, Tobija en Jedaja uit Babel aangekom het

¹¹en kry by hulle silwer en goud. Maak dan daarvan 'n kroon en sit dit op die kop van die hoëpriester Jesua seun van Josadak.

¹²Dan moet jy vir hom sê: So sê die Here die Almagtige: Daar is 'n man met die naam Loot. Hy maak vinnig opgang en hy sal die tempel van die Here bou.

¹³Dit is hy wat die tempel van die Here sal bou, dit is hy wat die mag sal besit, wat op die troon sal sit en sal heers. 'n Priester sal saam met hom regeer en daar sal vriendelike oorleg tussen hulle twee wees.

¹⁴Die kroon moet in die tempel van die Here bly as 'n gedagtenis aan Geldai, Tobija en Jedaja en aan die goeie gesindheid van die seun van Sefanja.

¹⁵Mense sal van ver af kom en aan die tempel van die Here bou, sodat julle sal weet dat die Here die Almagtige my na julle toe gestuur het. Dit sal gebeur as julle in alles gehoorsaam is aan die Here julle God.

Sagaria 7

Die navraag oor vasdae, die antwoord

¹In die vierde regeringsjaar van koning Darius het die woord van die Here tot Sagaria gekom. Dit was op die vierde Kislef, die negende maand.

²Die mense van Bet-El het vir Sar-Eser en vir Regem-Melek met sy manne gestuur om die Here te raadpleeg.

³Hulle moes vir die priesters by die huis van die Here die Almagtige en vir die profete vra: “Moet ons nog in die vyfde maand huil en vas soos ons nou al jare lank doen? ”

⁴Die woord van die Here die Almagtige het toe tot my gekom:

⁵Sê vir almal in die land en vir die priesters: Julle vas en treur nou al sewentig jaar lank in die vyfde en in die sewende maand, maar vas julle tot my eer?

⁶En as julle eet en drink, doen julle dit vir julleself.

⁷Daar is mos ook nog die woorde wat Ek, die Here, deur die vroeëre profete laat aankondig het in die tyd toe Jerusalem nog bewoon en veilig was en toe die stede rondom Jerusalem en ook die Suidland en die Laeveld bewoon was.

⁸Dié woord van die Here het ook tot Sagaria gekom:

⁹So het die Here die Almagtige gesê: Laat reg geskied aan almal, bewys liefde en barmhartigheid aan mekaar;

¹⁰moenie die weduwee en die weeskind, die vreemdeling en die arme verdruk nie; moenie bese planne teen mekaar bedink nie.

¹¹Maar die volk het geweier om daarop ag te slaan, hulle was moedswillig, hulle het hulle doof gehou,

¹²hulle het hulle soos die hardste klip gehou en wou nie luister na die wet en na die boodskap wat die Here die Almagtige deur sy Gees, deur die vroeëre profete, gestuur het nie. Daarom was die toorn van die Here die Almagtige so groot.

¹³Hy het geroep, maar hulle het nie geluister nie, en toe het die Here die Almagtige gesê: Ek sal ook nie luister as hulle roep nie,

¹⁴Ek sal hulle met 'n stormwind verstrooi onder al die nasies vir wie hulle tot nou toe onbekend was, en agter hulle sal die land so verwoes wees dat niemand meer daar deurtrek nie. Hulle het van 'n pragtige land 'n verwoeste wêreld gemaak.

Sagaria 8

Die Here gaan na Sion toe terugkom

¹Die woord van die Here die Almagtige het tot my gekom.

²So sê die Here die Almagtige: Ek is hartstogtelik begaan oor Sion, Ek het woedend geword vir sy vyande, so begaan is Ek oor hom.

³So sê die Here: Ek gaan na Sion toe terugkom, Ek gaan in Jerusalem woon. Jerusalem sal genoem word Stad van Trou, Berg van die Here die Almagtige, Heilige Berg.

⁴So sê die Here die Almagtige: Daar sal weer bejaarde mans en vrouens, ryp in jare, op die pleine in Jerusalem sit, elkeen met 'n kiere in die hand.

⁵Die pleine in die stad sal vol seuns en dogters wees wat daar speel.

⁶So sê die Here die Almagtige: As dit vir die oorblyfsel van hierdie volk vandag onmoontlik lyk, moet dit dan ook vir My onmoontlik lyk? Die Here die Almagtige het dit gesê.

⁷So sê die Here die Almagtige: Ek gaan my volk red uit die land in die ooste, uit die land waar die son opkom.

⁸Ek gaan hulle bring, en hulle gaan in Jerusalem woon. Hulle sal my volk wees, en Ek sal hulle God wees, in trou en in geregtigheid.

⁹So sê die Here die Almagtige: Skep moed! Julle het gehoor wat die profete destyds gesê het toe die fondamente van die tempel van die Here die Almagtige gelê is sodat dit herbou kan word.

¹⁰Voor daardie tyd was daar nie geld om mense of diere te huur nie, en die toestand was so gevaarlik dat niemand veilig kon beweeg nie. Ek het al die mense mekaar se vyande gemaak.

¹¹Maar nou is my houding teenoor die oorblyfsel van hierdie volk anders as toe, sê die Here die Almagtige.

¹²Daar sal nou voorspoed wees: die wingerdstok sal sy druiwe dra, die land sal sy oes lewer, die hemel sal sy vog lewer, en Ek sal dit alles aan die oorblyfsel van hierdie volk gee.

¹³Julle name, Juda en Israel, is onder die nasies gebruik in vervloekings, maar Ek het julle gered, en nou sal julle name gebruik word in seënwense. Moenie bang wees nie, skep moed!

¹⁴So sê die Here die Almagtige: Omdat julle voorvaders my toorn laat ontvlam het, het Ek besluit om julle kwaad aan te doen, en Ek het nie die straf herroep nie, sê die Here die Almagtige.

¹⁵Maar nou is my bedoeling anders: Ek wil goed doen aan Jerusalem en Juda. Moenie bang wees nie!

¹⁶Wat julle moet doen, is dit: Praat die waarheid met mekaar, laat die waarheid en die reg geld in julle regspraak sodat daar vrede onder julle kan wees.

¹⁷Moenie bose planne teen mekaar bedink nie, moenie vals ede bly aflê nie. Ek haat sulke dinge, sê die Here.

Vasdae sal feestelike byeenkomste word

¹⁸Die woord van die Here die Almagtige het tot my gekom.

¹⁹So sê die Here die Almagtige: Elke vasdag, of dit nou val in die vierde of die vyfde, die sewende of die tiende maand, sal vir Juda 'n dag van vrolikheid word, 'n dag van vreugde. Dié dae sal feestelike byeenkomste word, maar dan moet julle bly by die waarheid en sorg dat daar vrede onder julle is.

Ander volke sal na Jerusalem toe kom

²⁰So sê die Here die Almagtige: Volke sal kom, inwoners van baie stede.

²¹Die inwoners van een stad sal na dié van die volgende toe gaan en elkeen sal sê: “Kom ons gaan raadpleeg die Here, ons gaan vra na die wil van die Here die Almagtige. Ek gaan ook! ”

²²Baie volke sal kom, groot nasies, om in Jerusalem na die wil van die Here die Almagtige te vra, om Hom te raadpleeg.

²³So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: “Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.”

Sagaria 9

Die Here sal die buurvolke straf

¹'n Uitspraak van die Here. Die woord van die Here is ook in Gadrak, en Hy het ook in Damaskus sy woonplek. Die Here sien alle mense, nie net al die stamme van Israel nie.

²Hy sien ook vir Hamat, wat aan Damaskus grens, en vir Tirus en Sidon, al het hulle hoeveel wysheid.

³Tirus het vir homself 'n vesting gebou en so baie silwer en goud vergader as wat daar stof is en modder in die strate.

⁴Nou gaan die Here alles vat wat die stad het, Hy gaan die mag breek wat die stad op see het, en die stad self sal afgebrand word.

⁵Askelon sal dit sien en skrik, Gasa sal dit sien en baie bang word, Ekron ook, want alles waarop hy vertrou het, sal daarmee heen wees. Gasa sal sonder koning wees, Askelon sonder inwoners,

⁶en in Asdod sal net mense woon wat gebore is uit ontoelaatbare geslagsgemeenskap. So sal Ek die trots van die Filistyne breek, sê die Here.

⁷Ek sal die bloederige vleis wat hulle eet, uit hulle mond ruk, Ek sal die afskuwelike afgodsoffers tussen hulle tande uitruk. Wat van die Filistyne oorbly, sal aan ons God behoort. Hulle sal een van die groepe in die stam Juda word; dit sal met Ekron gaan soos met die Jebusiete.

⁸Ek sal my huis beskerm teen enige leer wat daar verbykom, sê die Here, geen onderdrukkers sal hulle meer oorval nie. Ek sorg nou self vir hulle.

Die koning sal kom

⁹Jubel, Sion! Juig, Jerusalem! Jou koning sal na jou toe kom. Hy is regverdig en hy is 'n oorwinnaar, hy is nederig en hy ry op 'n donkie, op die hingsvul van 'n donkie.

¹⁰Ek sal die strydwaens in Efraim vernietig, die perde uit Jerusalem uitroei. Die pyl en boog waarmee oorlog gemaak word, sal gebreek word. Die koning sal vrede vir die nasies afkondig en hy sal regeer van see tot see, van die Eufraat af tot in die uithoeke van die aarde.

Die Here sal sy volk red

¹¹Wat jou betref, my verbond met jou is met offerbloed beseël. Daarom sal Ek jou gevangenes laat red uit hulle gevangenskap.

¹²Kom terug na die vestingstad toe, gevangenes wat nou hoop het! Ek verseker jou vandag: Ek gee jou twee maal soveel as wat jy gehad het.

¹³Ek gebruik Juda as my boog, Efraim as my pyl, jou inwoners, Sion, as my swaard teen jou inwoners, Griekeland. Ek hanteer my volk soos 'n vegter sy swaard hanteer.

¹⁴Die Here sal bokant sy volk verskyn, sy pyl sal soos weerlig uitskiet. Die Here God sal die ramshoring blaas, Hy sal kom in die storms uit die suide.

¹⁵Die Here die Almagtige sal sy volk beskerm. Die klippe uit sy slingervel sal dood en verwoesting saai, hulle sal vol bloed word, hulle sal gons soos wyn bruis, hulle sal so vol bloed word soos die kom wat by offers gebruik word, soos die hoeke van die altaar.

¹⁶Die Here hulle God sal daardie dag sy volk, sy kudde, red. Hulle sal in sy land vonkel soos die edelstene in 'n kroon.

¹⁷Hoe voorspoedig, hoe mooi sal die land nie wees nie! Die koring en die wyn sal maak dat die jongmans en die meisies gesond en sterk sal wees.

Sagaria 10

Die Here sal sy volk laat terugkom

¹Vra vir die Here reën in die tyd wanneer die laat reëns moet kom. Hy maak die reënwolke en laat die stortreëns val, Hy gee vir die mense die groen plante in die veld.

²Wat die afgodsbeelde sê, is bedrog; wat die waarsêers sien, is leuens; die drome wat hulle vertel, het nie plaasgevind nie; hulle probeer troos met wat nie bestaan nie. Daarom moes die volk weg, moes hulle in ellende beland soos skape wat nie 'n wagter het nie.

³Maar nou het my toorn ontvlam teen die herders, Ek gaan rekenskap eis van die voorbokke, sê die Here. Ja, die Here die Almagtige het Hom die lot van sy kudde Juda aangetrek, Hy gaan hulle sy trotse oorlogspers maak.

⁴Uit Juda sal die hoekklip kom, uit hom sal die tentpen, uit hom die pyl en boog vir die oorlog kom, en uit hom sal elke onderdrukker padgee.

⁵Soos sterk vegsmanne sal die mense van Juda die vyand soos modder in die strate vertrap. Hulle sal veg, want die Here is by hulle; hulle sal die perderuiters op die vlug jaag.

⁶Ek sal Juda sterk maak, Ek sal Josef red. Ek laat hulle terugkom, want Ek is jammer vir hulle. Dit sal wees asof Ek hulle nie verwerp het nie. Ek is die Here hulle God en Ek het hulle gebede verhoor.

⁷Die mense van Efraim sal soos sterk vegsmanne wees, hulle sal vrolik wees asof hulle wyn gedrink het. Hulle kinders sal dit sien en bly wees, hulle sal juig oor My, die Here.

⁸Ek sal vir hulle fluit en hulle bymekaarmaak. Ja, Ek gaan hulle red, en hulle sal net so baie wees as tevore.

⁹Al verstrooi Ek hulle weer onder die volke, sal hulle My daar in die ver plekke onthou, en hulle en hulle kinders sal bly lewe en terugkom.

¹⁰Ek sal hulle laat terugkom uit Egipte, Ek sal hulle uit Assirië uit bymekaarmaak en hulle na Gilead en die Libanon toe bring, en dié sal nie genoeg plek vir hulle hê nie.

¹¹Die volk sal deur die gevaarlike see trek, die golwe in die see sal oorwin word en al die Nyldieptes sal opdroog. Die hoogmoed van Assirië sal tot 'n val kom, die heerskappy van Egipte sal die wyk moet neem.

¹²Ek, die Here, sal by my volk wees en hulle sterk maak. Hulle sal in my Naam voortgaan. Die Here het dit gesê.

Sagaria 11

¹Maak oop jou poorte, Libanon, dat 'n vuur jou seders kan verteer!

²Huil, sipres, want 'n seder het geval, die grootste bome is verwoes! Huil, groot bome in Basan, want die ondeurdringbare bos het geval!

³Luister hoe huil die herders omdat hulle beste weiveld verwoes is! Luister hoe brul die leeus omdat die pragtige bos langs die Jordaan verwoes is!

Die herders

⁴So het die Here my God gesê: Gaan wees 'n herder vir die slagskape.

⁵Hulle eienaars self slag hulle sonder skuldgevoel, of verkoop hulle en sê: “Prys die Here, ek word ryk!” Ook die skape se herders gee vir hulle niks om nie.

⁶Ek gee ook nie meer om vir die inwoners van die land nie, sê die Here, Ek gee hulle oor in mekaar se mag en in die mag van hulle koning. Die land sal uitmekaar geslaan word, maar Ek sal niemand red nie.

⁷Ek het toe 'n herder geword in diens van dié wat met die slagskape handel dryf. Ek het twee kieres gevat, die een Vriendelikheid genoem en die ander Vereniging, en ek het vir die skape 'n herder geword.

⁸Binne een maand het ek van drie herders ontslae geraak. Maar ek het ongeduldig geraak met die skape, en hulle het ook vir my moeg geraak.

⁹Ek het gesê: “Ek gaan julle nie meer oppas nie. Laat dié wat wil doodgaan, doodgaan. Laat dié wat wil wegraak, wegraak. En laat dié wat oorbly, mekaar opvreet.”

¹⁰Ek het my kiere Vriendelikheid gevat en dit stukkend geslaan om so die ooreenkoms wat ek met al die volke gehad het, te verbreek.

¹¹Die ooreenkoms het dieselfde dag opgehou om te bestaan en die kleinveehandelaars wat my dopgehou het, het geweet dat die Here dit so beveel het.

¹²Ek het vir hulle gesê: “As julle wil, gee my my loon; as julle nie wil nie, laat staan dit.” Hulle het toe my loon afgeweeg, dertig stukke silwer.

¹³Die Here het vir my gesê: Gooi dit vir die pottebakker! En dit was nogal die kosbare loon wat hulle gemeen het ek werd is! Maar ek het die dertig stukke gevat en dit in die huis van die Here vir die pottebakker gegooi.

¹⁴Ek slaan toe ook my ander kiere, Vereniging, stukkend om so die broederskap tussen Juda en Israel te verbreek.

¹⁵Toe sê die Here vir my: Vat weer vir jou herdersgereedskap, maar nou dié van een wat alles verkeerd doen.

¹⁶Ek gaan nou 'n herder in die land aanstel wat niks omgee vir dié wat wegraak nie, nie die lammers soek nie, nie dié wat seergekry het, dokter nie en die gesondes nie kos gee nie, maar wat die vleis van die vetstes eet en die ander se kloue afruk.

¹⁷Ellende wag vir die herder wat alles verkeerd doen en die skape in die steek laat! Mag die swaard sy arm en sy regteroog tref! Mag sy arm heeltemal verdor, mag sy regteroog heeltemal blind word!

Sagaria 12

Die Here sal Juda en Jerusalem red

¹'n Uitspraak, 'n woord van die Here teen Israel. Die Here het dit gesê, Hy wat die hemelkoepel oopgespan en die aarde op sy fondamente gesit het, Hy wat die gees van die mens gevorm het:

²Ek gaan Jerusalem 'n bak wyn maak wat al die volke rondom laat slinger. Wanneer Jerusalem beleër word, sal die stede van Juda ook beleër word.

³Daardie dag gaan Ek Jerusalem 'n rotsblok maak vir al die volke. Elkeen wat hom probeer optel, gaan homself seer maak. Al die nasies op aarde sal saamstaan teen Jerusalem.

⁴Daardie dag, sê die Here, laat Ek die perde skrik en die ruiters paniekbevange raak. Ek sal my oog hou op Juda, maar die ander volke se perde sal Ek almal blind laat word.

⁵Dan sal die leiers van Juda vir hulleself sê: “Die krag van die inwoners van Jerusalem lê in hulle God, die Here die Almagtige.”

⁶Daardie dag maak Ek die leiers van Juda soos 'n bak vuur onder die hout, soos 'n vlam onder die afgesnyde koringare. Hulle sal al die volke rondom verteer, na alle kante toe. Maar Jerusalem sal nog staan waar hy was.

⁷Die Here sal die woonplekke van Juda eerste red, sodat die koningshuis van Dawid en die inwoners van Jerusalem nie méér eer ontvang as Juda nie.

⁸Daardie dag sal die Here die inwoners van Jerusalem beskerm. Selfs die swakste van hulle sal daardie dag soos Dawid word, en die koningshuis van Dawid sal soos 'n hemelwese word, soos die engel van die Here wat voor hulle uit gaan.

⁹Daardie dag begin Ek al die nasies uitroei wat vir Jerusalem kom aanval.

Berou in Jerusalem

¹⁰Maar oor die koningshuis van Dawid en oor die inwoners van Jerusalem bring Ek 'n gees van welwillendheid en van berou: hulle sal na hom kyk vir wie hulle doodgesteek het en hulle sal oor hom treur soos 'n mens treur oor 'n enigste kind, hulle sal oor hom huil soos 'n mens oor 'n oudste seun huil.

¹¹Daardie dag sal daar in Jerusalem meer getreur word as wat daar oor Hadad-Rimmon getreur is in die Megiddovlakte.

¹²Die land sal treur, die mans in elke familie afsonderlik, en hulle vrouens afsonderlik: die familie van Dawid en hulle vrouens, die familie van Natan en hulle vrouens,

¹³die familie van Levi en hulle vrouens, die familie van Simi en hulle vrouens,

¹⁴en al die ander families, die mans afsonderlik en hulle vrouens afsonderlik.

Sagaria 13

Die reiniging van Jerusalem

¹Daardie dag sal daar 'n fontein oopgemaak word om die koningshuis van Dawid en die inwoners van Jerusalem te reinig van hulle sonde en hulle vuilheid.

²Daardie dag, sê die Here die Almagtige, laat Ek die gedagtenis aan die afgode verdwyn uit die land. Daar sal nie meer aan hulle gedink word nie. Ek gaan ook die profete en die gees van onreinheid uit die land verwyder.

³Wanneer iemand nog profeet probeer wees, sal sy eie pa en ma sê: “Jy mag nie lewe nie, want jy praat leuens in die Naam van die Here.” So 'n man se eie pa en ma sal hom doodsteek omdat hy profeet probeer wees.

⁴Daardie dag sal elke profeet in die verleentheid wees met die gesigte wat hy as profeet sien, en hy sal nie meer harige profeteklere aantrek om met sy bedrog aan te gaan nie.

⁵Hy sal sê: “Ek is nie 'n profeet nie, ek werk op die lande, iemand het my verkoop toe ek nog jonk was.”

⁶En as iemand vir die profeet sê: “Wat se wonde het jy dan op jou bors?” sal hy antwoord: “Iemand het my so geslaan in die huis van my vriende.”

Dié wat oorbly, word gesuiwer

⁷Kom, swaard, tref die herder in my diens, sê die Here die Almagtige, tref die man wat so na aan My is. Maak dood die herder, dat die skape uitmekaargejaag kan word. Ek sal self optree, ook teen die kleinste onder hulle.

⁸Dwarsoor die land, sê die Here, sal twee derdes van hulle uitgeroei word en omkom. Daar sal net 'n derde van hulle oorbly in die land,

⁹en dié derde sal Ek met vuur louter soos silwer gelouter word. Ek sal hulle suiwer soos goud gesuiwer word. Hulle sal My aanroep, en Ek sal hulle gebede verhoor. Ek sal sê: “Hulle is my volk.” En hulle sal sê: “Die Here is ons God.”

Sagaria 14

Die dag van die Here kom

¹Die dag van die Here kom. Wat in jou buitgemaak is, Jerusalem, sal binne-in jou verdeel word.

²Ek sal al die nasies bymekaarmaak vir 'n oorlog teen Jerusalem. Die stad sal ingeneem word, die huise sal geplunder word en die vrouens verkrag word. Die een helfte van die stad se inwoners sal in ballingskap gaan, maar die ander helfte sal nie uit die stad verwyder word nie.

³Daarna sal die Here teen daardie nasies gaan oorlog maak net soos op die dag toe Hy destyds die oorlog gevoer het.

⁴Daardie dag sal sy voete op die Olyfberg staan, oos van Jerusalem. Die Olyfberg sal middeldeur skeur en daar sal 'n groot kloof van oos na wes ontstaan. Een helfte van die berg sal na die noorde toe padgee en die ander helfte suide toe.

⁵Julle sal deur die kloof in my berg vlug, want die kloof sal strek tot by Asal. Julle sal vlug soos julle vir die aardbewing gevlug het in die tyd van koning Ussia van Juda. Dan sal die Here my God kom, en al die hemelwesens sal by jou wees.

⁶Daardie dag sal daar nie lig wees of koue of ryp nie.

⁷Dit sal 'n besondere dag wees. Wanneer dit sal wees, weet net die Here. Daar sal nie dag of nag wees nie: as dit aand word, sal daar steeds lig wees.

⁸Daardie dag sal daar 'n vars stroom water uit Jerusalem vloei, een helfte na die see in die ooste toe en een helfte na die see in die weste toe, somer en winter.

⁹Die Here sal koning wees oor die hele land. Daardie dag sal die Here die enigste God wees, en sy Naam die enigste Naam.

¹⁰Die hele land, van Geba af tot by Rimmon suid van Jerusalem, sal soos die Jordaanvallei word. Jerusalem sal gelig word daar waar hy nou is, hy sal hoog lê, van die Benjaminpoort af tot waar die poort vroeër was, tot by die Hoekpoort en die Gananeltoring, tot by die koning se wynkuipe.

¹¹Daar sal mense woon, en die stad sal nie weer verwoes word nie. Jerusalem sal 'n veilige woonplek wees.

¹²Die Here gaan al die volke wat teen Jerusalem oorlog maak, met 'n groot ramp tref: hulle vleis sal wegvrot terwyl hulle nog lewe, hulle oë sal wegvrot in hulle oogkaste, hulle tonge sal wegvrot in hulle monde.

¹³Daardie dag sal die Here die mense paniekbevange laat raak: die een sal die ander aan die hand gryp en hom aanval.

¹⁴Selfs Juda sal teen Jerusalem veg. Die rykdomme van al die nasies rondom sal bymekaargemaak word: goud, silwer en klere in groot hoeveelhede.

¹⁵Dieselfde ramp wat die mense tref, sal ook die perde tref, die muile, die kamele, die donkies, al die diere wat in die kampe van die vyande is.

¹⁶Al die mense wat oor is uit die volke wat teen Jerusalem opgetrek het, sal jaar na jaar kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid en om die huttefees te vier.

¹⁷Geen volk op aarde wat nie na Jerusalem toe kom om die Koning, die Here die Almagtige, te aanbid nie, sal reën kry nie.

¹⁸En as die Egiptenaars nie kom nie, sal die Here hulle met dieselfde ramp tref as die ander nasies wat nie kom om die huttefees te vier nie.

¹⁹Dit sal die straf wees vir Egipte en vir al die nasies wat nie kom om die huttefees te vier nie.

²⁰Daardie dag sal daar op die klokkies aan die perde se tuie staan: “Gewy aan die Here” en die potte in die huis van die Here sal net soos die offerkomme by die altaar wees.

²¹Elke pot in Jerusalem en Juda sal aan die Here die Almagtige gewy wees. Die mense wat kom offer, sal van die potte vat en vleis in hulle kook. Daardie dag sal daar in die huis van die Here die Almagtige geen handelaar meer wees nie.

Maleagi

Maleagi 1

¹'n Uitspraak van die Here. 'n Woord van die Here aan Israel deur Maleagi.

Esau en Jakob

²Ek het julle lief, sê die Here. Maar julle vra: “Hoe het U ons lief? ” Esau was tog Jakob se broer, sê die Here, en tog het Ek vir Jakob liefgehad

³en vir Esau gehaat. Ek het sy bergland 'n verlate plek gemaak, sy woongebied vir die woestynjakkalse gegee.

⁴As Edom sou sê: “Ons is verpletter maar ons sal die puinhope weer opbou,” sal die Here die Almagtige sê: Laat hulle maar bou, Ek sal weer afbreek. Hulle sal bekend staan as die goddelose land, die volk op wie die Here se toorn vir altyd rus.

⁵Julle sal dit met julle eie oë sien en julle sal sê: “Die Here is groot, ook buite die grense van Israel.”

Waar is die eer wat My toekom?

⁶'n Seun eer sy vader en 'n slaaf sy eienaar. As Ek dan vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is die eerbied vir My dan? Dit is wat Ek, die Here die Almagtige, vir julle vra, priesters, julle wat My met minagting behandel. Maar julle vra: “Hoe het ons U met minagting behandel? ”

⁷Julle bring onrein voedsel op my altaar, en dan vra julle: “Hoe het ons U te na gekom? ” Julle doen dit wanneer julle dink: “Die altaar van die Here kan maar met minagting behandel word.”

⁸Wanneer julle 'n blinde ding bring om te offer, is dit dan nie verkeerd nie? En wanneer julle 'n siek of 'n lam ding bring, is dit nie verkeerd nie? Bring bietjie so iets vir jou goewerneur! Sal hy ingenome met jou wees of jou vriendelik ontvang? Dit is wat die Here die Almagtige sê.

⁹En dan sê julle: “Maak God dan tog nou goedgesind dat Hy ons genadig kan wees! ” As julle só optree, sal Hy een van julle se versoek toestaan? Dit is wat die Here die Almagtige sê.

¹⁰Was daar maar iemand onder julle wat die tempel se deure wou toesluit, sodat julle nie my altaar tevergeefs aan die brand hou nie! Ek hou nie van julle nie, sê die Here die Almagtige, en Ek wil nie 'n offer van julle hê nie.

¹¹Van waar die son opkom tot waar hy ondergaan, word Ek deur die nasies geëer. Oral word daar vir My offers gebring, rein offers. Ek word deur die ander nasies geëer, sê die Here die Almagtige,

¹²maar julle doen my Naam oneer aan. Julle dink die altaar van die Here kan maar ontwy word en die offers daarop met minagting behandel word.

¹³En dan sê julle nog dis 'n klomp moeite en julle trek die neus daarvoor op. Dit is wat die Here die Almagtige sê. Julle bring gesteelde, lam, siek diere, julle bring dit as offers! Moet Ek ingenome wees daarmee dat julle vir My sulke goed bring? vra die Here.

¹⁴Daar rus 'n vloek op elke skelm wat 'n bul of 'n ram in sy kudde het en 'n gelofte doen en dan 'n verminkte ding aan die Here offer! Ek is die Grootkoning, sê die Here die Almagtige, vir My het die nasies ontsag.

Maleagi 2

¹Die bevel wat julle ontvang het, priesters,

²wat julle moet gehoorsaam en waarop julle ag moet slaan, is om my Naam te eer, sê die Here die Almagtige. As julle dit nie doen nie, sal Ek 'n vervloeking oor julle bring en 'n einde maak aan al julle voorspoed. Ek het dit trouens reeds gedoen, want julle het nie ag geslaan op my bevel nie.

³Ek sal sorg dat julle nie 'n nageslag het nie, en Ek sal die pensmis van die diere wat deur julle geoffer word op die feeste, in julle gesigte spat, en julle sal saam met die pensmis weggedra word.

⁴Dan sal julle besef dat Ek vir julle dié bevel gestuur het sodat my verbond met Levi kan bly bestaan, sê die Here die Almagtige.

⁵My verbond met Levi sou vir hom lewe en vrede bring, en dit het Ek hom gegee. Hy het My met eerbied gedien en vir my Naam ontsag gehad.

⁶Hy het die volk my wil reg geleer en niks verdraai nie. Hy het naby My geleef, heelhartig en opreg, en hy het baie laat afsien van hulle sonde.

⁷'n Priester moet met kennis kan praat, daar word verwag dat hy die volk sal kan leer wat my wil is, want hy is 'n boodskapper van die Here die Almagtige.

⁸Maar julle het die regte pad verlaat, julle het baie tot 'n val gebring met wat julle hulle geleer het; julle het my verbond met Levi geskend, sê die Here die Almagtige.

⁹Nou maak Ek julle ook verag en sonder aansien by die hele volk, want julle het nie my wil gedoen nie, julle was nie onpartydig in julle uitsprake oor wat my wil is nie.

¹⁰Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep! Waarom is die een dan ontrou aan die ander en ontwy hulle die verbond van God met ons voorvaders?

¹¹Juda was ontrou. Daar is iets afskuweliks gedoen in Israel, in Jerusalem. Juda het die heiligdom van die Here ontwy, die heiligdom waarvoor die Here lief is; die manne van Juda het met vrouens getrou wat in diens van 'n ander god staan.

¹²Mag die Here elkeen wat nog iets te doen wil hê met 'n man wat so 'n vrou trou, uit die gemeenskap van Jakob uitroei, ook al bring so 'n man nog offers vir die Here die Almagtige.

¹³Daar is nog iets wat julle doen. Julle huil en kerm en sug by die altaar van die Here omdat Hy nie meer julle offers wil aanneem nie,

¹⁴en julle vra: “Waarom dan nie? ” Dit is omdat die Here weet wat gebeur het tussen jou en die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is: jy was ontrou aan haar, ontrou aan jou eie vrou, die vrou aan wie jy plegtig trou belowe het.

¹⁵Die Here het man en vrou een gemaak, een in liggaam en gees. En waarom een? Omdat Hy wil hê dat daar 'n nageslag moet wees wat Hom eer. Beheers julle, moenie ontrou wees aan die vrou met wie jy van jou jeug af getroud is nie.

¹⁶Die Here die God van Israel sê Hy haat egskeiding. Egskeiding is niks anders as geweld nie, sê die Here die Almagtige. Beheers julle, moenie ontrou wees nie.

Ek gaan nou my boodskapper stuur

¹⁷Julle het die Here moeg gemaak met wat julle gesê het, en dan vra julle nog: “Waarmee het ons Hom moeg gemaak?” Julle het dit gedoen toe julle gesê het: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle,” of toe julle gevra het: “Waar is die God wat reg moet laat geskied?”

Maleagi 3

¹Ek gaan nou my boodskapper stuur, Hy sal die pad voor My uit regmaak, en dan sal die Here na wie julle soek, skielik na sy tempel toe kom. Ja, die Verbondsengel na wie julle met soveel vreugde uitsien, gaan nou kom, sê die Here die Almagtige.

²Maar wie kan die koms van dié Engel verdra, wie kan standhou wanneer Hy verskyn? Hy is soos die vuur van die smelters en soos die seep van die wassers.

³Soos iemand wat silwer smelt en suiwer, so sal Hy as regter gaan sit om die Leviete te suiwer, om hulle te louter soos goud en silwer, sodat hulle aan die Here 'n offer kan bring wat bestaan uit regdoen.

⁴Dan sal die offer van Juda en Jerusalem weer aanneemlik wees vir die Here soos in die ou tyd, soos in jare lank verby.

⁵Dan sal Ek na julle toe kom as regter: Ek sal sonder versuim regspraak teen dié wat hulle met toordery ophou, teen die egbrekers en dié wat vals ede aflê, teen dié wat die dagloner te kort doen, die weduwee en die weeskind veronreg en die vreemdeling verdring, teen dié wat nie vir My eerbied het nie, sê die Here die Almagtige.

Bring die volle tiende

⁶Ek, die Here, het nie verander nie, daarom het julle nie te gronde gegaan nie, nageslag van Jakob.

⁷Van julle voorvaders se tyd af het julle van my voorskrifte afgewyk en nie daarvolgens geleef nie. Bekeer julle tot My, dan sal Ek terugkom na julle toe, sê die Here die Almagtige. Maar julle vra: “Waarom moet ons ons bekeer? ”

⁸Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My. Julle vra: “Waarvan beroof ons U? ” Van tiendes en offergawes.

⁹Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle My beroof; die hele nasie doen dit.

¹⁰Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.

¹¹Ek sal die sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê die Here die Almagtige.

¹²Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, sê die Here die Almagtige.

Die son van redding sal skyn

¹³Julle het vermetele dinge oor My kwytingeraak, sê die Here. Maar julle vra: “Wat het ons oor U gesê? ”

¹⁴Julle het gesê: “Dit is nutteloos om God te dien. Watter nut het dit dat ons sy bevel uitgevoer het en in rouklere rondgeloop het voor Hom, die Here die Almagtige?

¹⁵Dit lyk vir ons of dié wat teen Hom in opstand is, die gelukkiges is, en of dié wat verkeerd doen, vooruitgaan. Hulle daag God uit en kom vry! ”

¹⁶Toe het die mense wat eerbied vir die Here het, onder mekaar geredeneer, en die Here het dit gehoor en daarop ag geslaan. Daar is 'n gedenkboek voor Hom geskryf met die name van dié wat eerbied vir die Here het en waarde heg aan sy Naam.

¹⁷Hulle sal vir My 'n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige. Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk.

¹⁸Dan sal julle weer die verskil sien tussen wie goed doen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie My nie dien nie.

Maleagi 4

¹Die dag kom en hy brand soos 'n oond. Dié wat teen God in opstand is, almal wat verkeerd doen, sal die kaf wees, en hulle sal verbrand word deur die dag wat kom, sê die Here die Almagtige. Daar sal van hulle nie 'n wortel, nie 'n tak oorbly nie.

²Maar vir julle wat eerbied het vir my Naam, sal die son van redding skyn met genesing in sy strale. Julle sal vry word en bokspring soos vetgemaakte kalwers.

³Julle sal die goddeloses vertrap dat hulle soos stof onder julle voete word die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige.

Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur

⁴Onthou die wet van my dienaar Moses, die voorskrifte en die bepalings wat Ek aan hom by Horeb gegee het vir die hele Israel.

⁵Ek gaan vir julle die profeet Elia stuur voordat die dag van die Here kom, die groot, die verskriklike dag.

⁶Elia sal vaders en kinders met mekaar versoen sodat Ek nie hoef te kom en die land heeltemal vernietig nie.

Afrikaans - All Bible

(1983)

Matteüs

Matteüs 1

Die geslagsregister van Jesus Christus

(Luk. 3:23-38)

¹Die geslagsregister van Jesus Christus, die Seun van Dawid, die seun van Abraham:

²Abraham was die vader van Isak, Isak van Jakob, en Jakob van Juda en sy broers;

³Juda was die vader van Peres en Serag by Tamar, Peres van Gesron, en Gesron van Ram;

⁴Ram was die vader van Amminadab, Amminadab van Nagson, en Nagson van Salmon;

⁵Salmon was die vader van Boas by Ragab, Boas van Obed by Rut, Obed van Isai;

⁶Isai was die vader van koning Dawid. Dawid was die vader van Salomo by die vrou van Urija;

⁷Salomo was die vader van Rehabeam, Rehabeam van Abia en Abia van Asa;

⁸Asa was die vader van Josafat, Josafat van Joram, en Joram van Ussia;

⁹Ussia was die vader van Jotam, Jotam van Agas, en Agas van Hiskia;

¹⁰Hiskia was die vader van Manasse, Manasse van Amon, en Amon van Josia;

¹¹Josia was die vader van Jojagin en sy broers. Toe is die volk weggevoer na Babilonië toe.

¹²En na die Babiloniese ballingskap was dit so: Jojagin was die vader van Sealtiël, en Sealtiël van Serubbabel;

¹³Serubbabel was die vader van Abihud, Abihud van Eljakim, en Eljakim van Asor;

- ¹⁴Asor was die vader van Sadok, Sadok van Agim, en Agim van Elihud;
- ¹⁵Elihud was die vader van Eleasar, Eleasar van Mattan, en Mattan van Jakob;
- ¹⁶Jakob was die vader van Josef, die man van Maria uit wie gebore is Jesus wat Christus genoem word.
- ¹⁷Altesaam was daar dus veertien geslagte van Abraham af tot by Dawid, veertien van Dawid af tot by die Babiloniese ballingskap en veertien van die Babiloniese ballingskap af tot by Christus.

Die geboorte van Jesus Christus

(Luk. 2:1-7)

- ¹⁸Hier volg nou die geskiedenis van die geboorte van Jesus Christus. Toe sy moeder Maria nog aan Josef verloof was, het dit geblyk dat sy swanger is sonder dat hulle gemeenskap gehad het. Die swangerskap het van die Heilige Gees gekom.
- ¹⁹Haar verloofde, Josef, wat aan die wet van Moses getrou was maar haar tog nie in die openbaar tot skande wou maak nie, het hom voorgeneem om die verlowing stilweg te verbreek.
- ²⁰Terwyl hy dit in gedagte gehad het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan hom verskyn en gesê: “Josef seun van Dawid, moenie bang wees om met Maria te trou nie, want wat in haar verwek is, kom van die Heilige Gees.
- ²¹Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”
- ²²Dit het alles gebeur sodat die woord wat die Here deur sy profeet gesê het, vervul sou word:
- ²³“Die maagd sal swanger word en 'n Seun in die wêreld bring, en hulle sal Hom Immanuel noem.” Die naam beteken God by ons.
- ²⁴Toe Josef uit die slaap wakker word, het hy gemaak soos die engel van die Here hom beveel het en met haar getrou.
- ²⁵Hy het egter nie met haar omgang gehad voordat sy haar Seun in die wêreld gebring het nie. En Josef het Hom Jesus genoem.

Matteüs 2

Besoek uit die ooste

- ¹Jesus is in Betlehem in Judea gebore tydens die regering van koning Herodes. Na Jesus se geboorte het daar sterrekykers uit die ooste in Jerusalem aangekom
- ²en gevra: “Waar is Hy wat as koning van die Jode gebore is? Ons het sy ster sien opkom en ons het gekom om aan Hom hulde te bewys.”
- ³Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld.
- ⁴Hy het toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes van die volk bymekaar geroep en hulle uitgevra oor waar die Christus gebore sou word.
- ⁵Hulle het hom geantwoord: “In Betlehem in Judea, want so is dit deur 'n profeet geskrywe:
- ⁶“En jy, Betlehem, gebied van Juda, jy is beslis nie die kleinste onder die leiers van Juda nie. Uit jou sal 'n leier voortkom wat vir my volk Israel 'n herder sal wees.”
- ⁷Daarna het Herodes die sterrekykers in die geheim ontbied en noukeurig by hulle vasgestel wanneer die ster verskyn het.
- ⁸Hy het hulle na Betlehem toe gestuur met die woorde: “Gaan doen noukeurig ondersoek na die Kindjie, en as julle Hom kry, laat my weet, sodat ek ook aan Hom hulde kan gaan bewys.”
- ⁹Nadat hulle die koning aangehoor het, het hulle vertrek; en kyk, die ster wat hulle sien opkom het, het hulle gelei totdat dit gaan staan het bo die plek waar die Kindjie was.
- ¹⁰Toe hulle die ster sien, was hulle baie bly.
- ¹¹Hulle het in die huis ingegaan en die Kindjie saam met Maria, sy moeder, gesien, en hulle het gekniel en aan Hom hulde bewys. Daarna het hulle hulle reissakke oopgemaak en vir Hom geskenke uitgehaal: goud, wierook en mirre.

¹²En omdat God hulle in 'n droom gewaarsku het om nie na Herodes toe terug te gaan nie, het hulle met 'n ander pad na hulle land toe teruggegaan.

Die vlug na Egipte toe

¹³Nadat hulle vertrek het, het daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef verskyn en gesê: “Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en vlug na Egipte toe en bly daar totdat ek jou sê om terug te kom, want Herodes is van plan om die Kindjie te soek en Hom dood te maak.”

¹⁴Josef het toe opgestaan en in die nag die Kindjie en sy moeder geneem en na Egipte toe vertrek

¹⁵en daar gebly tot die dood van Herodes. So is vervul wat die Here deur 'n profeet gesê het: “Uit Egipte het Ek my Seun geroep.”

Die kindermoord

¹⁶Toe Herodes agterkom dat die sterrekykers hom in die steek gelaat het, het hy woedend geword. Hy stuur toe soldate en laat in Betlehem en die hele omgewing al die seuntjies van twee jaar en jonger doodmaak, ooreenkomstig die tyd wat hy noukeurig by die sterrekykers uitgevra het.

¹⁷Toe is die woord vervul wat die Here deur die profeet Jeremia gesê het:

¹⁸“'n Gekerm word op Rama gehoor, 'n gehuil en groot gejammer: Ragel treur oor haar kinders en wil nie getroos word nie, omdat hulle nie meer daar is nie.”

Die terugkoms uit Egipte

¹⁹Na die dood van Herodes verskyn daar 'n engel van die Here in 'n droom aan Josef in Egipte

²⁰en sê: “Staan op, neem die Kindjie en sy moeder en gaan terug na die land van Israel toe, want die mense wat die Kindjie se lewe gesoek het, is dood.”

²¹Josef het toe opgestaan, die Kindjie en sy moeder geneem en na die land van Israel toe teruggegaan.

²²Toe hy egter verneem dat Argelaos in die plek van sy vader Herodes oor Judea regeer, was Josef bang om daarheen te gaan. Nadat God hom in 'n droom 'n aanwysing gegee het, is hy na die landstreek Galilea toe.

²³Daar aangekom, het hy gaan woon in 'n dorp met die naam Nasaret. So is vervul wat deur die profete gesê is: Hy sal Nasarener genoem word.

Matteüs 3

Johannes die Doper en sy prediking

(Mark. 1:1-8; Luk. 3:1-9,15-17; Joh. 1:19-28)

¹In daardie tyd het Johannes die Doper in die woestyn van Judea begin preek

²en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”

³Hy is die een wat die profeet Jesaja bedoel het toe hy gesê het: “Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.”

⁴Hierdie Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelew.

⁵In dié dae het Jerusalem en die hele Judea en die hele omgewing van die Jordaan na hom toe gestroom.

⁶Hulle het hulle sondes bely en hulle deur hom in die Jordaanrivier laat doop.

⁷Toe hy merk dat baie van die Fariseërs en die Sadduseërs kom om deur hom gedoop te word, sê hy vir hulle: “Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug?

⁸Dra liever vrugte wat bewys dat julle bekeer is.

⁹Julle moet julle nie verbeel dat julle by julleself kan sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie. Dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek.

¹⁰Die byl lê klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

¹¹Ek doop julle wel met water omdat julle julle bekeer het, maar Hy wat ná my kom, is my meerdere, en ek is nie eers werd om sy skoene uit te trek nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.

¹²Hy het sy skop in sy hand en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Sy koring sal Hy na die skuur toe bring, maar die kaf sal Hy met 'n onblusbare vuur verbrand.”

Die doop van Jesus

(Mark. 1:9-11; Luk. 3:21-22; Joh. 1:31-34)

¹³In daardie tyd het Jesus van Galilea af na Johannes toe by die Jordaan gekom om deur hom gedoop te word.

¹⁴Maar Johannes het dit probeer verhinder deur te sê: “Ek moet eintlik deur U gedoop word, en U kom na my toe? ”

¹⁵Jesus het hom geantwoord: “Nogtans moet jy dit nou doen, want op hierdie manier moet ons aan die wil van God voldoen.” Daarna het Johannes ingestem.

¹⁶Jesus is toe gedoop en het dadelik daarna uit die water gekom. Meteens het die hemel bokant Hom oopgegaan, en Hy het die Gees van God soos 'n duif sien neerdaal en op Hom kom.

¹⁷Daar was ook 'n stem uit die hemel wat gesê het: “Dit is my geliefde Seun. Oor Hom verheug Ek My.”

Matteüs 4

Die versoeking in die woestyn

(Mark. 1:12-13; Luk. 4:1-13)

¹Toe is Jesus deur die Gees die woestyn in gelei om deur die duiwel versoek te word.

²Veertig dae en veertig nagte het Hy niks geëet nie en naderhand het Hy honger geword.

³Die versoeker het toe gekom en vir Hom gesê: “As U die Seun van God is, sê hierdie klippe moet brood word.”

⁴Maar Hy antwoord: “Daar staan geskrywe: “'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom.”

⁵Daarna neem die duiwel Hom na die heilige stad toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan

⁶en sê vir Hom: “As U die Seun van God is, spring af! Daar staan mos geskrywe: “Hy sal sy engele oor jou opdrag gee “en: “Op hulle hande sal hulle jou dra, sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.”

⁷Jesus sê vir hom: “Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”

⁸Toe neem die duiwel Hom na 'n baie hoë berg toe, wys Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag

⁹en sê vir Hom: “Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid.”

¹⁰Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

¹¹Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat, en daar het engele gekom en Hom versorg.

Die eerste optrede van Jesus

(Mark. 1:14-15; Luk. 4:14-15)

¹²Toe Jesus hoor dat Herodes vir Johannes in die tronk laat opsluit het, het Hy na Galilea toe gegaan.

¹³Hy het nie in Nasaret gaan bly nie, maar Hom gaan vestig in Kapernaum by die see, in die gebied van Sebulon en Naftali.

¹⁴So moes vervul word wat deur die profeet Jesaja gesê is:

¹⁵“Jy, gebied van Sebulon en gebied van Naftali, aan die seekant en oorkant die Jordaan, Galilea waar die heidene woon!

¹⁶Die volk wat in duisternis woon, het 'n groot lig gesien; hulle wat in die skemerland van die dood lewe, vir hulle het die lig opgegaan.”

¹⁷Van toe af het Jesus begin preek en gesê: “Bekeer julle, want die koninkryk van die hemel het naby gekom.”

Die roeping van die eerste dissipels

(Mark. 1:16-20; Luk. 5:1-11)

¹⁸Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, sien Hy twee broers: Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas. Hulle was besig om 'n werpnet in die see uit te gooi, want hulle was vissers van beroep.

¹⁹Hy sê toe vir hulle: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

²⁰Hulle het dadelik die nette gelos en Hom gevolg.

²¹Toe Hy daarvandaan verder gaan, sien Hy twee ander broers: Jakobus 'n seun van Sebedeus, en sy broer Johannes. Hulle was in 'n skuit saam met hulle pa besig om hulle nette reg te maak. Jesus het hulle geroep,

²²en hulle het dadelik die skuit en hulle pa verlaat en vir Jesus gevolg.

Weldade aan baie mense

(Luk. 6:17-19)

²³Hy het toe in die hele Galilea rondgegaan en die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal onder die volk gesond gemaak.

²⁴En berigte oor Hom het deur die hele provinsie Sirië versprei. Die mense het toe die siekes met allerhande kwale en pyne, dié wat in die mag van bese teeste was, geestelik versteurdes en verlamdes na Hom toe gebring, en Hy het hulle gesond gemaak.

²⁵Groot menigtes uit Galilea, Dekapolis, Jerusalem, Judea en van oorkant die Jordaan af het Hom gevolg.

Matteüs 5

Die bergrede

(Matt. 5-7)

¹Toe Jesus die menigte mense sien, het Hy teen die berg opgegaan. Nadat Hy gaan sit het, het sy dissipels na Hom toe gekom,

²en Hy het hulle geleer en gesê:

Die werklik gelukkiges

(Luk. 6:20-23)

³“Geseënd is dié wat weet hoe afhanklik hulle van God is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

⁴Geseënd is dié wat treur, want hulle sal vertroos word.

⁵Geseënd is die sagmoediges, want hulle sal die nuwe aarde ontvang.

⁶Geseënd is dié wat honger en dors na wat reg is, want hulle sal versadig word.

⁷Geseënd is dié wat barmhartig is, want aan hulle sal barmhartigheid bewys word.

⁸Geseënd is dié wat rein van hart is, want hulle sal God sien.

⁹Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.

¹⁰Geseënd is dié wat vervolg word omdat hulle doen wat reg is, want aan hulle behoort die koninkryk van die hemel.

¹¹“Geseënd is julle wanneer die mense julle ter wille van My beledig en vervolg en valslik al wat sleg is van julle sê.

¹²Wees bly en verheug, want julle loon is groot in die hemel. Hulle het immers die profete voor julle net so vervolg.”

Die sout vir die aarde en die lig vir die wêreld

(Mark. 9:50; Luk. 14:34-35)

¹³“Julle is die sout vir die aarde. Maar as sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit weer sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit.

¹⁴“Julle is die lig vir die wêreld. 'n Stad wat op 'n berg lê, kan nie weggesteek word nie;

¹⁵ook steek 'n mens nie 'n lamp op en sit dit onder 'n emmer nie maar op 'n lampstaander, en dit gee lig vir almal in die huis.

¹⁶Laat julle lig so voor die mense skyn, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemel is, verheerlik.”

Die vervulling van die wet

¹⁷“Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete ongeldig te maak nie. Ek het nie gekom om hulle ongeldig te maak nie, maar om hulle hulle volle betekenis te laat kry.

¹⁸Dit verseker Ek julle: Die hemel en die aarde sal eerder vergaan as dat een letter of letterstrepie van die wet sal wegval voordat alles voleindig is.

¹⁹“Wie dan ook een van die geringste van hierdie gebooie ongeldig maak en die mense so leer, sal die minste geag word in die koninkryk van die hemel. Maar wie die wet gehoorsaam en ander so leer, sal hoog geag word in die koninkryk van die hemel.

²⁰Ek sê vir julle: As julle getrouheid aan die wet nie meer inhou as dié van die skrifgeleerdes en die Fariseërs nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemel ingaan nie.”

Versoening

²¹“Julle het gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie moord pleeg nie; en elkeen wat moord pleeg, is strafbaar voor die regbank’.

²²Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat vir sy broer kwaad is, is al strafbaar voor die regbank. Verder, elkeen wat sy broer uitskel vir 'n gek, is strafbaar voor die Joodse Raad; en wie hom uitskel vir 'n idioot, is strafbaar met die helse vuur.

²³“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het,

²⁴laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.

²⁵“As iemand 'n regsak teen jou begin, kom betyds tot 'n skikking solank jy nog saam met hom op pad hof toe is, sodat hy jou nie voor die regter bring en die regter jou aan die polisie oorgee en dié jou in die tronk sit nie.

²⁶Dit verseker Ek jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.”

Kuisheid

²⁷“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jy mag nie egbreuk pleeg nie.’

²⁸Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.

²⁹“As jou regteroog jou laat struikel, haal hom uit en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel gegooi word.

³⁰Of as jou regterhand jou laat struikel, kap hom af en gooi hom van jou af weg; want dit is vir jou beter dat net een van jou ledemate verlore gaan as dat jou hele liggaam in die hel beland.”

Egskeiding

(Matt. 19:9; Mark. 10:11-12; Luk. 16:18)

³¹“Daar is gesê: ‘Elkeen wat van sy vrou skei, moet aan haar 'n skeibrief gee.’

³²Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei behalwe oor owerspel, maak dat sy egbreuk pleeg, en iemand wat met die geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.”

Die aflê van 'n eed

³³“Verder het julle gehoor dat daar van die ou tyd af aan die mense gesê is: ‘Jy mag nie jou eed verbreek nie, en 'n eed in die Naam van die Here moet jy nakom.’

³⁴Maar Ek sê vir julle: Moet glad nie 'n eed aflê nie, nie by die hemel nie, want dit is die troon van God;

³⁵nie by die aarde nie, want dit is die rusplek vir sy voete; nie by Jerusalem nie, want dit is die stad van die groot Koning.

³⁶Jy moet ook nie jou kop op die spel plaas as jy 'n eed aflê nie, want jy kan nie een haar wit of swart maak nie.

³⁷Laat julle ‘ja’ eenvoudig ‘ja’ wees en julle ‘nee’, ‘nee’. Wat meer gesê word as dit, kom van die Bose.”

Vergelding

³⁸“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘n Oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand.’

³⁹Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle nie teen 'n kwaadwillige mens verset nie. As iemand jou op die regterwang slaan, draai ook die ander wang na hom toe.

⁴⁰As iemand jou hof toe wil vat om jou onderklere te eis, gee hom ook jou boklere.

⁴¹As iemand jou dwing om sy goed een kilometer ver te dra, dra dit vir hom twee kilometer.

⁴²Gee aan hom wat iets van jou vra, en moet hom wat van jou wil leen, nie afwys nie.”

Liefde vir die vyand

(Luk. 6:27-28,32-36)

⁴³“Julle het gehoor dat daar gesê is: ‘Jou naaste moet jy liefhê en jou vyand moet jy haat.’

⁴⁴Maar Ek sê vir julle: Julle moet julle vyande liefhê, en julle moet bid vir dié wat vir julle vervolg,

⁴⁵sodat julle kinders kan wees van julle Vader in die hemel. Hy laat immers sy son opkom oor slegtes en goeies, en Hy laat reën oor dié wat reg doen en oor dié wat verkeerd doen.

⁴⁶As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter loon kan julle dan nog verwag? Maak die tollenaars nie ook maar net so nie?

⁴⁷En as julle net julle broers groet, wat doen julle meer as ander? Maak die heidene nie ook maar net so nie?

⁴⁸“Wees julle dan volmaak soos julle hemelse Vader volmaak is.”

Matteüs 6

As julle armes help

¹“Moenie julle godsdienstige pligte in die openbaar nakom om deur mense gesien te word nie, want dan kry julle geen beloning van julle Vader wat in die hemel is nie.

²“As jy byvoorbeeld armes help, moet dit nie uitbasuin nie. Dit doen die skynheiliges in die sinagoges en op straat, sodat mense met lof van hulle kan praat. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.

³Nee, as jy iets vir die armes gee, moet jou linkerhand nie weet wat jou regterhand doen nie,

⁴sodat jou goeie daad verborge kan bly. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”

As julle bid

(Luk. 11:2-4)

⁵“Verder, as julle bid, moet julle nie soos die skynheiliges wees nie. Hulle hou daarvan om in die sinagoges en op die straathoeke te staan en bid sodat die mense hulle kan sien. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.

⁶Nee, as jy bid, gaan na jou kamer toe, maak die deur toe en bid tot jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.

⁷“Wanneer julle bid, moet julle nie soos die heidene 'n stortvloed van woorde gebruik nie. Hulle verbeel hulle hulle gebede sal verhoor word omdat hulle baie woorde gebruik.

⁸Moet dan nie soos hulle maak nie, want julle Vader weet wat julle nodig het, nog voordat julle dit van Hom vra.

⁹“So moet julle bid: “Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;

¹⁰laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

¹¹Gee ons vandag ons daaglikse brood;

¹²en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree;

¹³en laat ons nie in versoeking kom nie maar verlos ons van die Bose.

¹⁴“As julle ander mense hulle oortredings vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe.

¹⁵Maar as julle ander mense nie vergewe nie, sal julle Vader julle ook nie julle oortredings vergewe nie.”

As julle vas

¹⁶“As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg.

¹⁷Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig

¹⁸sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon.”

Skatte in die hemel

(Luk. 12:33-34)

¹⁹“Moenie vir julle skatte op aarde bymekaarmaak waar mot en roes dit verniel en waar diewe inbreek en dit steel nie.

²⁰Maak vir julle skatte in die hemel bymekaar, waar mot en roes dit nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en dit steel nie.

²¹Waar jou skat is, daar sal jou hart ook wees.”

Die lig van die liggaam

(Luk. 11:34-36)

²²“Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê.

²³Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie! ”

God en Mammon

(Luk. 16:13)

²⁴“Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Die sorge van die lewe

(Luk. 12:22-34)

²⁵“Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet of drink nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie?

²⁶Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hulle oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie?

²⁷Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng?

²⁸En wat bekommer julle julle oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie.

²⁹Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.

³⁰As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges?

³¹“Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie.

³²Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het.

³³Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.

³⁴“Moet julle dus nie oor môre bekommer nie, want môre bring sy eie bekommernis. Elke dag bring genoeg moeilikheid van sy eie.”

Matteüs 7

Moenie oor ander oordeel nie

(Luk. 6:37-38,41-42)

¹“Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie;

²met dieselfde oordeel waarmee julle oor ander oordeel, sal oor julle geoordeel word, en met dieselfde maat waarmee julle vir ander meet, sal vir julle gemeet word.

³“Waarom sien jy die splinter raak wat in jou broer se oog is, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?

⁴Of hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Wag, laat ek die splinter uit jou oog uithaal,’ en intussen is daar 'n balk in jou eie oog?

⁵Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter uit jou broer se oog uit te haal.

⁶“Moenie wat heilig is, vir die honde gooi nie: hulle sal omspring en julle verskeur; en moenie julle pêrels voor die varke gooi nie: hulle sal dit met hulle pote vertrap.”

Gebedsverhoring

(Luk. 11:9-13)

⁷“Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal kry; klop, en vir julle sal oopgemaak word,

⁸want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

⁹“Watter mens onder julle sal vir sy seun 'n klip gee as hy brood vra,

¹⁰of 'n slang as hy vis vra?

¹¹As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee, hoeveel te meer sal julle Vader wat in die hemel is, goeie gawes gee aan dié wat dit van Hom vra?

¹²“Alles wat julle wil hê dat die mense aan julle moet doen, moet julle ook aan hulle doen. Dit is tog waarop dit neerkom in die wet en die profete.”

Twee paaie

(Luk. 13:24)

¹³“Gaan deur die nou poort in. Die poort wat na die verderf lei, is wyd en die pad daarheen breed, en dié wat daardeur ingaan, is baie.

¹⁴Maar die poort wat na die lewe lei, is nou en die pad daarheen smal, en dié wat dit kry, is min.”

Vals profete

(Luk. 6:43-44)

¹⁵“Pas op vir die vals profete. Hulle kom na julle toe in skaapsklere, maar in werklikheid is hulle verskeurende wolwe.

¹⁶Aan hulle vrugte sal julle hulle ken. Kry 'n mens dan druiwe aan doringstruik of vye aan dissels?

¹⁷Elke goeie boom dra tog goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte.

¹⁸'n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en 'n slegte boom nie goeie vrugte nie.

¹⁹Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.

²⁰So sal julle die vals profete dan aan hulle vrugte ken.”

Hoor en doen

(Luk. 13:25-27)

²¹“Nie elkeen wat vir My sê: ‘Here, Here,’ sal in die koninkryk van die hemel ingaan nie, maar net hy wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is.

²²Baie sal daardie dag vir My sê: ‘Here, Here, het ons dan nie in u Naam gepreek nie, deur u Naam bese geeste uitgedryf en deur u Naam baie wonders gedoen nie?’

²³Dan sal Ek openlik vir hulle sê: Ek het julle nooit geken nie. Gaan weg van My af, julle wat die wet van God oortree.”

Die twee fondamente

(Luk. 6:47-49)

²⁴“Elkeen dan wat hierdie woorde van My hoor en daarvolgens handel, kan vergelyk word met 'n verstandige man wat sy huis op rots gebou het.

²⁵Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en tog het dit nie ingestort nie, want die fondament was op rots.

²⁶En elkeen wat hierdie woorde van My hoor en nie daarvolgens handel nie, kan vergelyk word met 'n dwaas wat sy huis op sand gebou het.

²⁷Die stortreën het geval, vloedwaters het afgekom, winde het teen daardie huis gewaai en daaraan geruk, en die huis het ingestort en is heeltemal verwoes.”

²⁸Toe Jesus klaar gepraat het, was die skare verbaas oor sy onderrig,

²⁹want Hy het hulle geleer soos 'n man met gesag en nie soos hulle skrifgeleerdes nie.

Matteüs 8

Die genesing van 'n melaatse

(Mark. 1:40-45; Luk. 5:12-16)

¹Jesus het afgekom van die berg af, en 'n groot menigte mense het saam met Hom gegaan.

²'n Melaatse man kom kniel toe voor Hom en sê: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.”

³Toe steek Jesus sy hand uit, raak hom aan en sê: “Ek wil. Word gesond!” En sy melaatsheid was onmiddellik weg.

⁴Jesus sê toe vir hom: “Jy moet dit vir niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offer wat Moses voorgeskryf het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het.”

Die genesing van die offisier se slaaf

(Luk. 7:1-10; vgl. Joh. 4:43-54)

⁵Nadat Jesus in Kapernaum aangekom het, het 'n offisier by Hom hulp kom vra

⁶en gesê: “Here, my slaaf lê by my huis verlam en verduur baie pyn.”

⁷En Jesus antwoord hom: “Ek sal hom kom gesond maak.”

⁸Maar die offisier sê: “Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf sal gesond word.

⁹Ek is ook 'n mens wat onder gesag staan en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: 'Gaan daarheen!' en hy gaan; en vir 'n ander: 'Kom!' en hy kom; en vir my slaaf: 'Doen dit!' en hy doen dit."

¹⁰Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor, en Hy sê vir die mense wat agter Hom aan gekom het: "Dit verseker Ek julle: Ek het nog by niemand in Israel so 'n groot geloof teëgekome nie."

¹¹Ek sê vir julle: Baie sal van die ooste en die weste af kom en saam met Abraham, Isak en Jakob aan tafel gaan in die koninkryk van die hemel.

¹²Maar mense vir wie die koninkryk bedoel is, sal in die diepste duisternis daarbuite gegooi word, waar hulle sal huil en op hulle tande sal kners."

¹³Jesus sê toe vir die offisier: "Gaan terug, en wat jy geglo het, sal gebeur." En sy slaaf het op daardie oomblik gesond geword.

Die genesing van Petrus se skoonmoeder

(Mark. 1:29-34; Luk. 4:38-41)

¹⁴Toe Jesus in die huis van Petrus kom, sien Hy Petrus se skoonmoeder siek lê met 'n hoë koors.

¹⁵Hy het haar hand gevat, en die koors het haar verlaat. Sy het opgestaan en Hom bedien.

¹⁶Toe dit aand word, het hulle baie wat in die nag van bose geeste was, vir Hom gebring. Hy het die geeste met 'n woord uitgedryf en al die siekes gesond gemaak.

¹⁷So is vervul wat deur die profeet Jesaja gesê is: "Hy het ons lyding op Hom geneem, ons siektes het Hy gedra."

Hoe Jesus gevolg moet word

(Luk. 9:57-62)

¹⁸Toe Jesus die menigte mense rondom Hom sien, het Hy opdrag gegee om na die oorkant toe te vertrek.

¹⁹'n Skrifgeleerde kom toe nader en sê vir Hom: "Meneer, ek sal u volg waar u ook al gaan."

²⁰Jesus sê vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.”

²¹Iemand anders, een van sy dissipels, sê vir Hom: “Here, laat my toe om eers terug te gaan en my pa te begrawe.”

²²Maar Jesus antwoord hom: “Volg My, en laat die dooies hulle eie dooies begrawe.”

Jesus maak die storm stil

(Mark. 4:35-41; Luk. 8:22-25)

²³Toe Jesus in die skuit klim, het sy dissipels Hom gevolg.

²⁴Skielik het daar 'n hewige storm op die see losgebars, sodat die golwe oor die skuit geslaan het. Maar Jesus het geslaap.

²⁵Hulle kom toe en maak Hom wakker en sê: “Here, red ons! Ons vergaan! ”

²⁶Hy sê vir hulle: “Waarom is julle bang, kleingelowiges? ” Daarna het Hy opgestaan en die wind en die see hard aangespreek, en dit het doodstil geword.

²⁷Die mense het hulle verwonder en gesê: “Watter soort mens is hy dat selfs die wind en die see hom gehoorsaam? ”

Die genesing van die besetenes in Gadara

(Mark. 5:1-20; Luk. 8:26-39)

²⁸Toe Jesus aan die oorkant in die land van die Gadareners kom, het twee mense wat in die mag van beseeste geeste was, Hom van die grafte af tegemoet gekom. Hulle was baie gevaarlik, sodat niemand dit langs daardie pad kon waag nie.

²⁹Skielik het hulle begin skreeu: “Wat het U met ons te doen, Seun van God? Het U hierheen gekom om ons voor die tyd te pynig? ”

³⁰'n Hele ent van hulle af het 'n groot trop varke geloop.

³¹Die beseeste het Hom gesoebat: “As U ons uitdryf, stuur ons tog in die trop varke in.”

³²“Gaan! ” het Hy vir hulle gesê. Hulle is toe uit die mense uit en het in die varke ingevaar. Die hele trop het meteens op loop gesit teen die hang af, die see in, en het in die water versuip.

³³Die wagters het weggehardloop dorp toe en alles daar gaan vertel, ook wat met die besetenes gebeur het.

³⁴Die hele dorp het Jesus tegemoet gegaan, en toe hulle Hom sien, het hulle Hom ernstig versoek om hulle gebied te verlaat.

Matteüs 9

Die genesing van 'n verlamde man

(Mark. 2:1-12; Luk. 5:17-26)

¹Jesus het toe in die skuit geklim, die see oorgesteek en in sy eie dorp aangekom.

²Daar het hulle 'n verlamde man wat bedlêend was, na Hom toe gebring. Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, wees gerus; jou sondes word vergewe.”

³Party van die skrifgeleerdes het by hulleself gesê: “Hy praat godslasterlik.”

⁴Maar Jesus het geweet wat hulle dink, en Hy sê vir hulle: “Waarom het julle sulke slegte gedagtes in julle harte?

⁵Wat is makliker? Om te sê: ‘Jou sondes word vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en loop’?

⁶Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe.” Hy sê toe vir die verlamde man: “Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.”

⁷Hy het opgestaan en huis toe gegaan;

⁸en toe die menigte mense dit sien, het hulle God, wat sulke mag aan mense gee, met eerbiedige vrees geprys.

Die roeping van Matteus

(Mark. 2:13-17; Luk. 5:27-32)

⁹Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het Hy 'n man met die naam Matteus by die tolhuis sien sit en vir hom gesê: “Volg My! ” Hy het toe opgestaan en Hom gevolg.

¹⁰Jesus het by hom in sy huis gaan eet, en baie tollenaars en sondaars het saam met Jesus en sy dissipels kom eet.

¹¹Toe die Fariseërs dit sien, vra hulle vir sy dissipels: “Waarom eet julle leermeester saam met tollenaars en sondaars? ”

¹²Maar Jesus het dit gehoor en gesê: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.

¹³Gaan leer wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie.’ Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

Die vastyd

(Mark. 2:18-22; Luk. 5:33-39)

¹⁴In dié tyd het die volgelinge van Johannes na Jesus toe gekom en gevra: “Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas glad nie? ”

¹⁵Jesus antwoord hulle: “Kan die bruilofsgaste dan treur solank die bruidegom nog by hulle is? Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.

¹⁶“Niemand lap tog ou klere met ongekrumpte materiaal nie, want die nuwe lap skeur die klere nog verder, en die gat word net groter.

¹⁷“'n Mens gooi ook nie nuwe wyn in ou velsakke nie. As jy dit doen, bars die sakke, die wyn loop uit en die sakke is daarmee heen. Nee, 'n mens gooi nuwe wyn in nuwe sakke en so behou jy altwee.”

Die dogtertjie van die Joodse raadslid. Die vrou met bloedvloeïing

(Mark. 5:21-43; Luk. 8:40-56)

¹⁸Jesus was nog besig om dit vir die mense te sê toe daar 'n raadslid van die sinagoge voor Hom kom kniel en sê: “My dogter het nou net gesterwe, maar kom lê u hand op haar en sy sal weer lewe.”

¹⁹Jesus het opgestaan, en Hy en sy dissipels het saam met die man gegaan.

²⁰'n Vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het, het nader gekom en van agter af aan die soom van sy klere geraak.

²¹Sy het vir haarself gesê: “As ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word.”

²²Jesus het omgedraai, haar gesien en gesê: “Wees gerus, dogter, jou geloof het jou gered.” Van daardie oomblik af was die vrou gesond.

²³Daarna het Jesus by die huis van die raadslid gekom. Toe Hy die fluitspelers sien en die klomp mense wat te kere gaan,

²⁴sê Hy: “Gaan weg, want die dogtertjie is nie dood nie, sy slaap net.” Maar hulle het Hom uitgelag.

²⁵Nadat die mense uitgejaag was, het Hy in die huis ingegaan, die dogtertjie se hand gevat en sy is uit die dood opgewek.

²⁶Berigte hieroor het deur daardie hele omgewing versprei.

Die genesing van twee blindes

(Vgl. Matt. 20:29-34)

²⁷Terwyl Jesus daarvandaan verder gaan, het twee blindes Hom gevolg. Hulle het aanhoudend geskreeu: “Ontferm U tog oor ons, Seun van Dawid! ”

²⁸Jesus het in die huis ingegaan, en die blindes het daar na Hom toe gekom. Hy vra toe vir hulle: “Glo julle dat Ek dit kan doen? ” “Ja, Here,” antwoord hulle Hom.

²⁹Toe raak Hy aan hulle oë en sê: “Wat julle glo, sal gebeur.”

³⁰Hulle kon toe sien, maar Jesus het hulle baie streng beveel: “Hiervan moet niemand hoor nie.”

³¹Maar toe hulle daar weg is, het hulle in daardie hele omgewing van Hom vertel.

Die genesing van 'n stom man

³²Nadat die twee blindes die huis verlaat het, het die mense 'n man na Hom toe gebring wat stom was omdat hy in die mag van 'n bose gees was.

³³Nadat die bose gees uitgedryf is, het die stom man begin praat. Die menigte het hulle verwonder en gesê: “So iets het nog nooit in Israel gebeur nie.”

³⁴Maar die Fariseërs het gesê: “Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste dat hy die bose geeste uitdryf.”

Die groot oes

³⁵Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.

³⁶Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.

³⁷Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min.

³⁸Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

Matteüs 10

Jesus stuur die twaalf uit

(Mark. 3:13-19; Luk. 6:12-16)

¹Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak.

²Die name van die twaalf apostels was: in die eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas;

³Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus;

⁴Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verrai het.

Jesus gee opdragte aan die twaalf

(Mark. 6:7-13; Luk. 9:1-6)

⁵Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee: “Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie.

⁶Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe.

- ⁷Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’
- ⁸Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bese geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.
- ⁹“Moenie vir goud of silwer of koper in julle beursies sorg nie
- ¹⁰en moenie vir die pad 'n reissak aanskaf of nog 'n kledingstuk of skoene of 'n stok nie. 'n Arbeider is tog geregtig op onderhoud.
- ¹¹“As julle in 'n stad of dorp kom, stel dan vas by wie julle daar kan tuis gaan en bly by hom totdat julle die reis voortsit.
- ¹²As julle in die huis kom, wens die mense vrede toe.
- ¹³As die huismense se gesindheid goed is, handhaaf julle vredewens vir die huis. Maar as hulle nie goedgesind is nie, trek julle vredewens dan terug.
- ¹⁴As iemand julle nie ontvang nie en nie na julle woorde luister nie, gaan uit sy huis of uit daardie dorp uit en skud die stof van julle voete af.
- ¹⁵Dit verseker Ek julle: Dit sal in die oordeelsdag vir die gebied Sodom en Gomorra draagliker wees as vir daardie dorp.”

Vervolginge wat voorlê

(Mark. 13:9-13; Luk. 10:3; 21:12-17)

- ¹⁶“Onthou: Ek stuur julle soos skape tussen wolwe in. Wees dus versigtig soos slange en opreg soos duiwe.
- ¹⁷Pas op vir die mense. Hulle sal julle aan die geregshowe uitlewer, en in hulle sinagoges sal hulle julle gesel.
- ¹⁸Ook voor goewerneys en konings sal julle gebring word ter wille van My. Dit sal julle geleentheid wees om voor hulle en voor die heidennasies van My te getuig.
- ¹⁹Wanneer hulle julle uitlewer, moet julle julle nie bekommer oor hoe of wat julle moet sê nie, want op daardie oomblik sal God aan julle gee wat julle moet sê.

²⁰Dan is dit nie julle wat praat nie, maar die Gees van julle Vader wat deur julle praat.

²¹“Die een broer sal die ander uitlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pasynkind; kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak.

²²Julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word.

²³As hulle julle in een dorp vervolg, vlug na 'n ander een toe. Dit verseker Ek julle: Julle sal sekerlik nie klaar wees met die dorpe van Israel voordat die Seun van die mens kom nie.

²⁴“'n Leerling is nie hoër as sy leermeester en 'n slaaf nie hoër as sy eienaar nie.

²⁵'n Leerling moet tevrede wees as dit met hom gaan soos met sy leermeester, en 'n slaaf as dit met hom gaan soos met sy eienaar. As hulle die hoof van die huis die skeldnaam Beëlsebul gegee het, sal hulle dan nie sy huisgenote met baie erger name uitskel nie? ”

Wie gevrees moet word

(Luk. 12:2-7)

²⁶“Moet dus nie vir mense bang wees nie. Daar is niks bedek wat nie openbaar gemaak sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie.

²⁷Wat Ek vir julle in die donker sê, moet julle in die daglig sê, en wat in julle oor gefluister word, moet julle van die dakke af uitbasuin.

²⁸Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie. Nee, vrees Hom eerder wat sowel die liggaam as die siel in die hel kan laat vergaan.

²⁹“Is twee mossies nie vir 'n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.

³⁰Van julle is selfs die hare op julle kop almal getel.

³¹Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

Aansporing om Christus te bely

(Luk. 12:8-9)

³²“Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal Ek My ook openlik uitspreek voor my Vader wat in die hemel is.

³³Maar hom wat My voor die mense verloën, sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemel is.”

Jesus bring nie vrede nie maar die swaard

(Luk. 12:51-53; 14:26-27)

³⁴“Moenie dink dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring nie. Ek het nie gekom om vrede te bring nie maar die swaard.

³⁵Ek het gekom om tweedrag te bring “ ‘tussen 'n man en sy vader en tussen 'n dogter en haar moeder, tussen 'n skoondogter en haar skoonmoeder;

³⁶ja, 'n man se huismense sal sy vyande wees.’

³⁷“Hy wat sy vader of moeder liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie; hy wat sy seun of dogter liever het as vir My, is nie werd om aan My te behoort nie.

³⁸Hy wat nie sy kruis opneem en My volg nie, is nie werd om aan My te behoort nie.

³⁹“Hy wat sy lewe wil behou, sal dit verloor; en hy wat sy lewe ter wille van My verloor, sal dit vind.”

Beloning

(Mark. 9:41)

⁴⁰“Wie julle ontvang, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.

⁴¹Wie 'n profeet ontvang omdat hy 'n profeet is, sal 'n profeet se beloning ontvang; en wie 'n goeie mens ontvang omdat hy goed is, sal 'n goeie mens se beloning ontvang.

⁴²Wie aan een van hierdie geringstes net 'n beker koue water gee omdat hy my dissipel is, sal sy beloning kry. Dit verseker Ek julle.”

Matteüs 11

¹Toe Jesus klaar was met die opdragte aan sy twaalf dissipels, het Hy daarvandaan weggegaan om die mense in hulle dorpe te leer en vir hulle te preek.

Jesus en die vraag van Johannes die Doper

(Luk. 7:18-35)

²Johannes het in die tronk gehoor wat Christus alles gedoen het, en het toe deur sy volgelinge 'n boodskap aan Hom gestuur om te vra:

³“Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? ”

⁴Jesus antwoord hulle: “Gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien:

⁵Blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, en aan armes word die evangelie verkondig.

⁶En gelukkig is elkeen wat nie aan My begin twyfel nie.”

⁷Toe hulle weggaan, het Jesus met die mense oor Johannes begin praat en gesê: “Waarna het julle in die woestyn gaan kyk? Na 'n riet wat deur die wind heen en weer gewaai word?

⁸Nee? Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige klere aan? Nee, kyk, dié wat deftig aantrek, kry 'n mens in koninklike paleise.

⁹Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek verseker julle, nog meer as 'n profeet.

¹⁰Dit is hy van wie daar geskrywe staan: “ ‘Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit; hy sal die pad vir jou regmaak.’ ”

¹¹“Dit verseker Ek julle: Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter is as Johannes die Doper nie, en tog is die geringste in die koninkryk van die hemel groter as hy.

¹²Sedert die dae van Johannes die Doper tot nou toe breek die koninkryk van die hemel vir homself 'n pad oop, en mense wat hulle kragtig inspan, kry dit in besit.

¹³Al die profete en die wet het tot op Johannes geprofeteer,

¹⁴en as julle dit wil aanvaar: Johannes is die Elia wat sou kom.

¹⁵Wie ore het, moet luister.

¹⁶“Waarmee moet Ek hierdie geslag vergelyk? Hulle is net soos kinders wat op die markpleine vir mekaar sit en roep:

¹⁷“ ‘Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie! Ons het 'n treurlied gesing, en julle het nie gehuil nie! ’

¹⁸“Johannes het gekom en nie geëet of gedrink nie, en hulle sê: ‘Hy is van die duiwel besete.’

¹⁹Die Seun van die mens het gekom en geëet en gedrink, en hulle sê: ‘Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.’ Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.”

Die onboetvaardige dorpe

(Luk. 10:13-15)

²⁰Toe het Jesus die dorpe waarin Hy die meeste van sy wonderdade gedoen het, begin verwyt omdat hulle hulle nie bekeer het nie:

²¹“Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle hulle lankal in sak en as bekeer het.

²²Maar Ek sê vir julle: Vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeelsdag draagliker wees as vir julle.

²³En jy, Kapernaum, dink jy “ ‘jy sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal.’ “As in Sodom die wonderdade plaasgevind het wat in jou plaasgevind het, sou hy tot vandag toe nog bly staan het.

²⁴Maar Ek sê vir julle: Vir die land van Sodom sal dit in die oordeelsdag draagliker wees as vir jou.”

Die uitnodiging van Jesus

(Luk. 10:21-22)

²⁵Daardie tyd het Jesus gesê: “Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het.

²⁶Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.

²⁷“My Vader het alles aan My toevertrou, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; en ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun Hom wil bekend maak.

²⁸“Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee.

²⁹Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed.

³⁰My juk is sag en my las is lig.”

Matteüs 12

Jesus is die Here oor die sabbat

(Mark. 2:23-28; Luk. 6:1-5)

¹In dié tyd het Jesus op 'n sabbatdag deur gesaaides geloop. Sy dissipels het honger geword en are begin pluk en van die koring geëet.

²Toe die Fariseërs dit sien, sê hulle vir Hom: “Kyk daar! U dissipels doen iets wat op die sabbatdag nie gedoen mag word nie.”

³Maar Hy sê vir hulle: “Het julle nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger geword het nie?

⁴Hy het in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat hy en sy manne nie mag gedoen het nie, maar net die priesters.

⁵Of het julle nie in die wet van Moses gelees dat die priesters op die sabbatdag in die tempel diens moet doen nie? Hulle oortree dus die sabbatsgebod, en tog is hulle nie skuldig nie.

⁶“Ek sê vir julle: Hier is Een wat groter is as die tempel.

⁷As julle begryp het wat dit beteken: ‘Ek verwag barmhartigheid en nie offers nie,’ dan sou julle nie mense wat onskuldig is, veroordeel het nie.

⁸Die Seun van die mens is immers Here oor die sabbat.”

Die man met die gebreklige hand

(Mark. 3:1-6; Luk. 6:6-11)

⁹Jesus het daarvandaan verder gegaan en in hulle sinagoge gekom.

¹⁰Daar was juis 'n man met 'n gebreklige hand. Hulle vra Hom toe: “Mag 'n mens iemand op die sabbatdag gesond maak? ” Hulle bedoeling daarmee was om 'n klag teen Hom te kry.

¹¹Hy sê toe vir hulle: “Wie van julle sal nie die een skaap wat hy het en wat op 'n sabbatdag in 'n sloot val, dadelik uithaal nie?

¹²Hoeveel is 'n mens nie meer werd as 'n skaap nie? Dan mag 'n mens mos op die sabbatdag goed doen.”

¹³Toe sê Hy vir die man: “Steek jou hand uit.” Hy het dit gedoen, en sy hand was reg soos die ander een.

¹⁴Die Fariseërs het toe uitgegaan en planne beraam om Jesus om die lewe te bring.

Jesus die Denaar van die Here

¹⁵Toe Jesus dit hoor, het Hy daarvandaan weggegaan. Baie mense het saam met Hom gegaan, en Hy het hulle almal gesond gemaak, maar

¹⁶hulle belet om in die openbaar oor Hom te praat.

¹⁷So is vervul wat die Here deur die profeet Jesaja gesê het:

¹⁸“Hier is my Denaar wat Ek aangestel het, my Geliefde oor wie Ek My verheug; Ek sal my Gees op Hom laat kom, en Hy sal die wil van God aan die nasies bekend maak.

¹⁹Hy sal nie twis nie en nie skreeu nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie.

²⁰'n Riet wat geknak is, sal Hy nie afbreek nie en 'n lamppit wat rook, nie uitdoof nie; Hy sal die wil van God laat seëvier.

²¹En op Hom sal die nasies hulle hoop vestig.”

Jesus en Beëlsebul

(Mark. 3:20-30; Luk. 11:14-23; 12:10)

²²Hulle het toe 'n man wat in die mag van 'n bese gees was, na Jesus toe gebring. Die man was blind en stom. Jesus het sy gebrek genees, sodat hy weer kon praat en sien.

²³En die hele menigte mense was verslae en het gesê: “Is Hy nie miskien die Seun van Dawid nie? ”

²⁴Die Fariseërs het hiervan gehoor en gesê: “Hy dryf bese geeste uit alleen met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die bese geeste.”

²⁵Jesus het egter geweet wat hulle dink, en Hy het vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde, en geen stad of huis wat onderling verdeeld is, sal bly staan nie.

²⁶As die Satan dan die Satan uitdryf, is hy teen homself verdeeld; hoe kan sy ryk dan bly staan?

²⁷En as Ek met Beëlsebul se hulp die bese geeste uitdryf, met wie se hulp doen julle volgelinge dit dan? Julle eie volgelinge sal as julle regters optree en wys dat julle verkeerd is.

²⁸“Aangesien Ek deur die Gees van God die bese geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom.

²⁹“Hoe kan iemand tog by die huis van 'n sterk man ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie? Eers dan sal hy sy huis kan beroof.

³⁰“Wie nie aan my kant is nie, is teen My; en wie nie saam met My die skape bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar.

³¹“Daarom sê Ek vir julle: Elke sonde en lastering kan die mense vergewe word, maar die lastering teen die Heilige Gees kan nie vergewe word nie.

³²As iemand iets teen die Seun van die mens sê, kan dit hom vergewe word; maar as iemand iets teen die Heilige Gees sê, kan dit hom nie vergewe word nie, nie in hierdie bedeling nie en ook nie in die toekomstige nie.”

'n Boom word aan sy vrugte geken

(Luk. 6:43-45; vgl. Matt. 7:17-27)

³³“As julle sê 'n boom is goed, moet julle ook sê sy vrugte is goed; en as julle sê hy is sleg, moet julle ook sê sy vrugte is sleg. 'n Boom word tog aan sy vrugte geken.

³⁴“Julle slange! Hoe kan julle wat sleg is, iets goeds sê? Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.

³⁵Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorvloed goeie dinge in sy hart; die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorvloed slegte dinge in sy hart.

³⁶“Dit sê Ek vir julle: Van elke ligsinnige woord wat die mense sê, sal hulle rekenskap moet gee op die oordeelsdag.

³⁷Op grond van jou eie woorde sal jy vrygespreek of veroordeel word.”

Die teken van Jona

(Mark. 8:11-12; Luk. 11:29-32; vgl. Matt. 16:1-4)

³⁸Party van die skrifgeleerdes en die Fariseërs sê toe vir Hom: “Meneer, ons wil 'n wonderteken van u sien.”

³⁹Maar Hy antwoord hulle: “'n Slegte en afvallige geslag vra 'n teken, en geen teken sal aan hulle gegee word nie, behalwe die teken van die profeet Jona.

⁴⁰Soos Jona drie dae en drie nagte in die maag van 'n groot vis was, so sal die Seun van die mens drie dae en drie nagte binne-in die aarde wees.

⁴¹Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Hulle het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona!

⁴²Die koningin van die Suide sal op die oordeelsdag saam met die mense van vandag opstaan en teen hulle getuig. Sy het immers van die uithoeke van die aarde af gekom om na die wysheid van Salomo te luister. En hier staan Een wat groter is as Salomo! ”

Die terugkoms van die onrein gees

(Luk. 11:24-26)

⁴³“Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens weggaan, swerf hy deur dor streke op soek na 'n rusplek. As hy dit nie kry nie,

⁴⁴sê hy: 'Ek gaan terug na my huis waaruit ek weggegaan het.' Hy kom dan terug en kry dit onbewoon, skoon en aan die kant.

⁴⁵Dan gaan haal hy sewe ander geeste, nog slegter as hy self, en hulle trek saam met hom in en gaan woon daar. Aan die einde is so 'n mens slegter daaraan toe as aan die begin. So sal dit ook gaan met die slegte mense van vandag."

Die moeder en die broers van Jesus

(Mark. 3:31-35; Luk. 8:19-21)

⁴⁶Terwyl Jesus nog besig was om met die mense te praat, het sy moeder en broers buite gestaan, en hulle wou met Hom praat.

⁴⁷Iemand sê toe vir Hom: "U moeder en u broers staan daar buite en wil met U praat."

⁴⁸Maar Hy sê vir die man wat dit vir Hom gesê het: "Wie is my moeder, en wie is my broers? "

⁴⁹Toe wys Hy met sy hand na sy dissipels en sê:

⁵⁰"Daar is my moeder en my broers! Elkeen wat die wil doen van my Vader wat in die hemel is, dié is my broer en my suster en my moeder."

Matteüs 13

Die gelykenis van die saaiër

(Mark. 4:1-9; Luk. 8:4-8)

¹Dieselfde dag het Jesus van die huis af gegaan en by die see gaan sit.

²'n Groot menigte het so om Hom saamgedrom dat Hy in 'n skuit geklim en daarin gaan sit het, maar die mense het almal op die strand bly staan.

³Hy het hulle baie dinge in gelykenisse vertel en onder andere gesê: "'n Saaier het eendag gaan saai. Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en

⁴die voëls het gekom en dit opgepik.

⁵'n Ander deel daarvan het op klipbanke geval, waar daar nie baie grond was nie, en dit het gou opgekom omdat die grond nie diep was nie.

⁶Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog.

⁷'n Ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het opgekom en dit laat verstik.

⁸Die ander saad het in goeie grond geval en 'n oes gelewer, party honderdvoudig, ander sestigvoudig en ander dertigvoudig.

⁹“Wie ore het, moet luister! ”

Die doel van die gelykenisse

(Mark. 4:10-12; Luk. 8:9-10)

¹⁰Die dissipels het vir Jesus kom vra: “Hoekom gebruik U gelykenisse as U met die mense praat? ”

¹¹Hy het hulle geantwoord: “Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van die hemel te ken, maar aan hulle is dit nie gegee nie.

¹²Wie het, vir hom sal nog meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar wie nie het nie, van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.

¹³Om hierdie rede praat Ek met hulle in gelykenisse: omdat hulle kyk maar nie sien nie, en hoor maar nie luister en verstaan nie.

¹⁴In hulle geval word die profesie van Jesaja vervul wat sê: “ ‘Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie, en kyk en kyk en tog niks sien nie.

¹⁵Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer, en Ek hulle gesond maak nie.’

¹⁶“Maar julle oë is bevoorreg dat hulle sien, en julle ore dat hulle hoor.

¹⁷Dit verseker Ek julle: Baie profete en gelowiges wou graag sien wat julle sien, maar het dit nie gesien nie, en wou graag hoor wat julle hoor, maar het dit nie gehoor nie.”

Jesus verklaar die gelykenis van die saaiër

(Mark. 4:13-20; Luk. 8:11-15)

¹⁸“Luister julle dan na wat die gelykenis van die saaier beteken:

¹⁹Die Bose kom by elkeen wat die woord van die koninkryk hoor maar dit nie verstaan nie, en vat dan weg wat in sy hart gesaai is. Dit is hy by wie daar op die pad gesaai is.

²⁰Die man weer by wie daar op die klipbanke gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit dadelik met blydschap aanneem.

²¹Hy laat dit egter nie by hom wortel skiet nie, en hy hou nie lank uit nie. As hy ter wille van die woord verdruk en vervolg word, word hy gou afvallig.

²²Die man by wie daar tussen die onkruid gesaai is, is hy wat die woord hoor, maar die bekommernis van die lewe en die verleidelikheid van rykdom verstik die woord, en dit bly sonder vrug.

²³Die man by wie daar op goeie grond gesaai is, is hy wat die woord hoor en dit verstaan. Hy dra inderdaad vrug en lewer 'n oes: soms honderdvoudig, soms sestigvoudig, soms dertigvoudig.”

Die gelykenis van die onkruid tussen die koring

²⁴Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê: “Die koninkryk van die hemel kan vergelyk word met 'n man wat goeie saad op sy land gesaai het.

²⁵Een nag, toe die mense slaap, het sy vyand gekom en onkruid tussen die koring gesaai en verdwyn.

²⁶Toe die groen koring opskiet en in die aar begin kom, het die onkruid ook sigbaar geword.

²⁷Die slawe van die boer kom sê toe vir hom: ‘Meneer, het u nie goeie saad op u land gesaai nie? Waar kom die onkruid dan vandaan? ’

²⁸Hy antwoord hulle: ‘Dit is 'n vyand se werk.’ Die slawe sê toe vir hom: ‘Wil u hê ons moet dit gaan uittrek? ’

²⁹‘Nee,’ sê hy, ‘as julle die onkruid nou bymekaarmaak, sal julle die koring saam uittrek.

³⁰Laat altwee saam groei tot met die oes. In die oestyd sal ek vir dié wat oes, sê: Maak eers die onkruid bymekaar en bind dit in bondels om dit te verbrand, maar bring die koring na my skuur toe.’ ”

Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

(Mark. 4:30-32; Luk. 13:18-21)

³¹Hy het nog 'n gelykenis aan hulle voorgehou en gesê: “Die koninkryk van die hemel is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy land geplant het.

³²Dit is die kleinste van al die soorte saad, maar as dit uitgegroeï het, is dit groter as die tuinplante en word dit 'n boom, sodat die voëls in sy takke kom nes maak.”

³³Hy het hulle nog 'n gelykenis vertel: “Die koninkryk van die hemel is soos suurdeeg wat 'n vrou gevat en in 'n groot skottel meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.”

Die gebruik van gelykenisse

(Mark. 4:33-34)

³⁴Al hierdie dinge het Jesus vir die mense in gelykenisse geleer, en sonder 'n gelykenis het Hy hulle niks geleer nie.

³⁵So moes vervul word wat die Here deur 'n profeet gesê het: “Ek sal gelykenisse gebruik as Ek praat; Ek sal bekend maak wat geheim gebly het van die skepping af.”

Verklaring van die gelykenis van die onkruid

³⁶Daarna het Jesus van die mense af weggegaan huis toe. Sy dissipels kom toe by Hom en vra: “Verduidelik tog vir ons die gelykenis van die onkruid in die land.”

³⁷Jesus antwoord: “Hy wat die goeie saad saai, is die Seun van die mens.

³⁸Die saailand is die wêreld. Die goeie saad, dit is die mense van die koninkryk; die onkruid is die aanhangers van die Bose;

³⁹die vyand wat die onkruid saai, is die duiwel. Die oes is die voleinding van die wêreld; dié wat oes, is die engele.

⁴⁰“Soos die onkruid bymekaargemaak en met vuur verbrand word, so sal dit by die voleinding van die wêreld wees.

⁴¹Die Seun van die mens sal sy engele stuur, en hulle sal uit sy koninkryk verwyder almal wat ander mense in sonde laat val, en almal wat die wet van God oortree,

⁴²en sal hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.

⁴³Dan sal die gelowiges in die koninkryk van hulle Vader skitter soos die son. “Wie ore het, moet luister.”

Drie kort gelykenisse

⁴⁴“Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n skat wat in 'n saailand onder die grond lê. Wanneer iemand dit kry, maak hy dit weer toe; en omdat hy baie in sy skik is, gaan verkoop hy alles wat hy het, en hy koop daardie land.

⁴⁵“Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n handelaar wat op soek is na goeie pêrels.

⁴⁶As hy 'n baie waardevolle pêrel raakloop, gaan verkoop hy alles wat hy het, en koop die pêrel.

⁴⁷“Verder gaan dit met die koninkryk van die hemel soos met 'n treknet wat in die see gegooi is en allerhande soorte vis vang.

⁴⁸As dit vol geword het, sleep hulle dit op die strand uit en gaan sit om die goeie vis in mandjies bymekaar te maak, maar die onbruikbares gooi hulle weg.

⁴⁹So sal dit by die voleinding van die wêreld wees. Die engele sal uitgaan en die slegtes skei van die goeies

⁵⁰en hulle in die brandende oond gooi. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

Ou en nuwe skatte

⁵¹“Verstaan julle al hierdie dinge? ” “Ja,” antwoord hulle Hom.

⁵²Hy sê toe vir hulle: “So is elke skrifgeleerde wat 'n leerling word in die koninkryk van die hemel, soos 'n huiseienaar wat uit sy voorraad nuwe en ou dinge te voorskyn bring.”

Jesus word in Nasaret misken

(Mark. 6:1-6; Luk. 4:16-30)

⁵³Toe Jesus hierdie gelykenisse klaar vertel het, het Hy daarvandaan weggegaan.

⁵⁴Hy het in die dorp gekom waar Hy grootgeword het, en Hy het die mense in hulle sinagoge so geleer dat hulle verstom was en gesê het: “Waar kry hy hierdie wysheid vandaan en die vermoë om die kragtige dade te doen?”

⁵⁵Is hy dan nie die timmerman se seun nie? Is sy ma nie Maria en sy broers Jakobus, Josef, Simon en Judas nie?

⁵⁶En sy susters, is hulle nie almal hier by ons nie? Waar kry hy dan al hierdie dinge vandaan? ”

⁵⁷En hulle wou niks van Hom weet nie. Jesus sê toe vir hulle: “'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring.”

⁵⁸Vanweë hulle ongeloof het Hy daar nie baie wonderwerke gedoen nie.

Matteüs 14

Die dood van Johannes die Doper

(Mark. 6:14-29; Luk. 9:7-9)

¹Daardie tyd het Herodes, die heerser, gehoor wat van Jesus vertel word,

²en hy het vir sy paleis personeel gesê: “Maar dit is mos Johannes die Doper! Hy is uit die dood opgewek, daarom werk die kragte in hom! ”

³Vroeër het Herodes vir Johannes laat vang, laat boei en in die tronk laat opsluit. Dit het hy gedoen oor Herodias die vrou van sy broer Filippus,

⁴want Johannes het vir Herodes gesê: “U mag haar nie as vrou vat nie.”

⁵Herodes wou hom daarvoor doodmaak maar was tog bang vir die mense, omdat hulle hom as 'n profeet beskou het.

⁶Met Herodes se verjaarsdagviering het die dogter van Herodias voor die gaste gedans. Herodes was so in sy skik met haar

⁷dat hy 'n eed afgelê het dat hy vir haar sal gee net wat sy vra.

⁸Haar ma het haar voorgesê en sy het gevra: “Gee vir my hier in 'n skottel die kop van Johannes die Doper.”

⁹Hieroor het die koning baie sleg gevoel, maar vanweë die eed wat hy voor die gaste afgelê het, het hy opdrag gegee dat aan haar versoek voldoen moet word.

¹⁰Hy het iemand gestuur en Johannes in die tronk laat onthoof.

¹¹Hulle het sy kop in 'n skottel ingebring en aan die meisie gegee, wat dit na haar ma toe gevat het.

¹²Sy dissipels het sy liggaam kom haal en begrawe; en hulle het dit vir Jesus gaan vertel.

Die eerste vermeerdering van die brood

(Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17; Joh. 6:1-14)

¹³Toe Jesus dit hoor, het Hy met 'n skuit daarvandaan weggegaan na 'n stil plek om alleen te wees. Die mense het hiervan gehoor en Hom van die dorpe af te voet gevolg.

¹⁴Toe Hy uit die skuit klim, het Hy die groot menigte mense daar gesien. Hy het hulle innig jammer gekry en die siekes onder hulle gesond gemaak.

¹⁵Toe dit al aand begin word, het sy dissipels vir Hom kom sê: “Dit is 'n afgeleë plek en dit het al laat geword. Stuur die mense terug dat hulle vir hulle kan gaan kos koop in die dorpe.”

¹⁶Maar Jesus sê vir hulle: “Hulle hoef nie weg te gaan nie. Gee julle vir hulle iets om te eet.”

¹⁷Hulle sê toe vir Hom: “Ons het hier net vyf brode en twee visse.”

¹⁸“Bring dit vir My hier,” sê Hy.

¹⁹Hy het die menigte beveel om op die groen gras te gaan sit om te eet. Toe neem Hy die vyf brode en die twee visse, kyk op na die hemel en vra die seën.

Daarna het Hy die brood gebreek en dit aan sy dissipels gegee, en hulle het dit aan die mense gegee.

²⁰Al die mense het geëet en genoeg gekry, en hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood wat oorgebly het.

²¹Daar was omtrent vyf duisend mans wat geëet het, afgesien van die vrouens en kinders.

Jesus loop op die see

(Mark. 6:45-52; Joh. 6:15-21)

²²Net daarna het Jesus sy dissipels in die skuit laat klim om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe terwyl Hy nog eers die mense huis toe laat gaan.

²³Nadat Hy die mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.

²⁴Die skuit was reeds 'n paar kilometer van die kus af en is deur die golwe geteister, want die wind was van voor.

²⁵Met dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom.

²⁶Toe sy dissipels Hom op die see sien loop, het hulle groot geskrik en gesê: “Dis 'n spook! ” Van angs het hulle hard begin skreeu.

²⁷Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê: “Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.”

²⁸Toe sê Petrus vir Hom: “Here, as dit regtig U is, beveel my om op die water na U toe te kom.”

²⁹“Kom! ” sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die water begin loop en naby Jesus gekom.

³⁰Maar toe Petrus sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin sink en uitgeroep: “Here, red my! ”

³¹Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek, hom gegryp en vir hom gesê: “Kleingelowige, waarom het jy begin twyfel? ”

³²Hulle het toe in die skuit geklim, en die wind het gaan lê.

³³Die manne in die skuit het voor Jesus gekniel en gesê: “U is waarlik die Seun van God.”

Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret

(Mark. 6:53-56)

³⁴Hulle het toe land toe gevaar en by Gennesaret aan wal gegaan.

³⁵Net toe die mense van daardie plek agterkom wie Hy is, het hulle boodskappers deur daardie hele omgewing gestuur, en die mense het almal wat ongesteld was, na Hom toe gebring.

³⁶Hulle het Hom gevra dat die siekes tog maar net aan die soom van sy klere mag raak. En almal wat dit gedoen het, het gesond geword.

Matteüs 15

Die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte

(Mark. 7:1-13)

¹In dié tyd het daar Fariseërs en skrifgeleerdes van Jerusalem af by Jesus gekom en Hom gevra:

²“Hoekom verontagsaam u dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte? As hulle gaan eet, was hulle nie hulle hande nie.”

³“Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike? ” het Jesus geantwoord.

⁴“God het tog gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.’

⁵Maar julle bepaal: ‘As iemand vir sy pa of sy ma sê: Die hulp wat u van my sou kon kry, maak ek 'n offergawe vir God,

⁶dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie.’ So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruike.

⁷Huigelaars! Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom toe hy gesê het:

⁸“Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af.

⁹Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooie van God voor te hou nie.”

Wat 'n mens onrein maak

(Mark. 7:14-23)

¹⁰Toe het Jesus die menigte nader geroep en vir hulle gesê: “Julle moet nou luister en mooi verstaan!

¹¹Dit is nie wat by die mond ingaan wat die mens onrein maak nie. Maar wat by die mond uitkom, dit maak 'n mens onrein.”

¹²Daarna het die dissipels na Hom toe gekom en gesê: “Weet U dat die Fariseërs hulle vererg het toe hulle gehoor het wat U sê? ”

¹³Maar Jesus antwoord: “Elke plant wat my hemelse Vader nie geplant het nie, sal uitgetrek word.

¹⁴Laat staan hulle maar; hulle is blinde leiers van blindes. As 'n blinde 'n blinde lei, val altwee in die sloot.”

¹⁵Petrus sê toe vir Hom: “Verduidelik tog vir ons die beeldspraak.”

¹⁶“Verstaan ook julle dit nog nie? ” antwoord Jesus.

¹⁷“Begryp julle nie dat alles wat by die mond ingaan, na die maag toe gaan en daarna uit die liggaam uitgaan nie?

¹⁸Maar wat by die mond uitkom, kom uit die hart, en dít is die dinge wat die mense onrein maak.

¹⁹Uit die hart kom slegte gedagtes: moord, owerspel, onkuisheid, diefstal, vals getuienis, kwaadpraterij.

²⁰Dít is die dinge wat 'n mens onrein maak, maar om met ongewaste hande te eet, maak 'n mens nie onrein nie.”

Die Kanaänitiese vrou

(Mark. 7:24-30)

²¹Jesus het daarvandaan weggegaan en na die streke van Tirus en Sidon toe vertrek.

²²'n Kanaänitiese vrou wat in daardie gebied gewoon het, het onverwags by Hom aangekom. Sy het aanhoudend geroep: “Ontferm U oor my, Here, Seun van Dawid! My dogter is in die mag van 'n bose gees, en dit gaan sleg.”

²³Maar Hy het haar niks geantwoord nie. Sy dissipels kom toe by Hom en vra: “Stuur haar weg, want sy hou aan met skreeu hier agter ons.”

²⁴Jesus antwoord: “Ek is net na die verlore skape van die volk Israel toe gestuur.”

²⁵Maar die vrou kom kniel voor Hom en sê: “Here, help my! ”

²⁶Hy sê vir haar: “Dit is nie mooi om die kinders se brood te vat en vir die hondjies te gooi nie.”

²⁷“Dit is waar, Here,” sê sy, “maar die hondjies eet darem van die krummels wat van hulle base se tafels afval.”

²⁸“Mevrou,” sê Jesus vir haar, “jou geloof is groot. Jou wens word vervul.” Van daardie oomblik af was die dogter gesond.

Jesus maak baie siekes gesond

²⁹Jesus het daarvandaan vertrek en by die See van Galilea gekom. Hy het teen die berg opgegaan en daar gaan sit.

³⁰Baie mense het na Hom toe gekom met verlamdes, blindes, gebreklikes, dowes en nog baie ander, en hulle voor Hom neergesit. Hy het hulle gesond gemaak,

³¹sodat die menigte hulle verwonder het toe hulle sien dat stommes praat, gebreklikes herstel is, verlamdes loop en blindes sien. En hulle het die God van Israel geprys.

Die tweede vermeerdering van die brood

(Mark. 8:1-10)

³²Jesus het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om te eet nie. En Ek wil hulle ook nie sonder kos huis toe stuur nie, want hulle kan miskien op pad beswyk.”

³³Sy dissipels sê vir Hom: “Waar sal ons in hierdie verlate plek genoeg brood kry om so baie mense kos te gee? ”

³⁴“Hoeveel brood het julle? ” vra Hy vir hulle. “Sewe,” antwoord hulle, “en 'n paar vissies.”

³⁵Hy het gesê die mense moet op die grond gaan sit.

³⁶Toe neem Hy die sewe brode en die visse en dank God daarvoor. Daarna het Hy die brood gebreek en dit aan die dissipels gegee, en hulle het dit aan die mense gegee.

³⁷Almal het geëet en genoeg gekry. En die dissipels het nog sewe mandjies vol bymekaargemaak van die stukke wat oorgebly het.

³⁸Daar was vier duisend mans wat geëet het, afgesien van die vrouens en kinders.

³⁹Daarna het Hy die mense huis toe gestuur, in die skuit geklim en na die gebied van Magadan vertrek.

Matteüs 16

'n Tweede versoek om 'n teken afgewys

(Mark. 8:11-13; Luk. 12:54-56; vgl. Matt. 12:38-42)

¹Die Fariseërs en die Sadduseërs het gekom om Jesus op die proef te stel. Hulle het Hom gevra om vir hulle as teken uit die hemel 'n wonder te doen.

²Maar Hy antwoord hulle: “In die aand sê julle: ‘Daar kom mooi weer, want die lug is rooi;’

³in die môre sê julle: ‘Vandag sal dit onweer wees, want die lug is dynserig rooi.’ Julle weet hoe om die voorkoms van die lug te beoordeel, maar die tekens van die tye kan julle nie onderskei nie.

⁴'n Slegte en afvallige geslag wil 'n teken hê, en geen teken sal aan hulle gegee word nie behalwe die teken van Jona.” Hy het hulle daar gelaat en weggegaan.

Die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs

(Mark. 8:14-21)

⁵Die dissipels het na die oorkantste oewer toe gegaan, maar vergeet om brood saam te neem.

⁶Jesus het vir hulle gesê: “Pas op en wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs.”

⁷Hulle het toe met mekaar daaroor gepraat en gesê: “Dit is omdat ons nie brood saamgebring het nie.”

⁸Jesus het geweet wat hulle praat, en Hy sê vir hulle: “Kleingelowiges! Hoekom praat julle met mekaar daaroor dat julle nie brood het nie?

⁹Verstaan julle nog nie en onthou julle nie die vyf brode vir die vyf duisend en hoeveel mandjies vol julle bymekaargemaak het nie?

¹⁰En die sewe brode vir die vier duisend en hoeveel mandjies vol julle bymekaargemaak het nie?

¹¹Hoe is dit dan dat julle nie verstaan dat Ek nie met julle oor brood gepraat het nie? Ek het gesê: Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs en die Sadduseërs.”

¹²Toe het hulle verstaan dat Hy nie bedoel het dat hulle vir gewone suurdeeg op hulle hoede moet wees nie maar vir die leer van die Fariseërs en die Sadduseërs.

Die belydenis van Petrus

(Mark. 8:27-30; Luk. 9:18-21)

¹³Toe Jesus in die streke van Sesarea-Filippi kom, het Hy vir sy dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is die Seun van die mens? ”

¹⁴Hulle antwoord: “Party sê Johannes die Doper, party Elia, party Jeremia of een van die profete.”

¹⁵“Maar julle,” het Hy gevra, “wie, sê julle, is Ek? ”

¹⁶Simon Petrus het geantwoord: “U is die Christus, die Seun van die lewende God.”

¹⁷“Gelukkig is jy, Simon Barjona,” het Jesus vir hom gesê, “want dit is nie 'n mens wat dit aan jou geopenbaar het nie, maar my Vader wat in die hemel is.

¹⁸En Ek sê vir jou: Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek my kerk bou, en die magte van die doderyk sal dit nie oorweldig nie.

¹⁹Ek sal aan jou die sleutels van die koninkryk van die hemel gee, en wat jy op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat jy op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.”

²⁰Toe het Jesus sy dissipels beveel om vir niemand te sê dat Hy die Christus is nie.

Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan

(Mark. 8:31-33; Luk. 9:22)

²¹Van toe af het Jesus dit vir sy dissipels duidelik begin stel dat Hy Jerusalem toe moet gaan en baie moet ly onder die familiehoofde, die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en dat Hy doodgemaak moet word, en die derde dag uit die dood opgewek moet word.

²²Petrus het Hom toe opsy geneem en Hom begin berispe: “Mag God dit verhoed, Here! Dit sal beslis nie met U gebeur nie.”

²³Maar Jesus het na Petrus toe gedraai en vir hom gesê: “Moenie in my pad staan nie, Satan! Jy is vir My 'n struikelblok, want jy dink nie aan wat God wil hê nie, maar aan wat die mense wil hê.”

Om Jesus te volg

(Mark. 8:34 -- 9:1; Luk. 9:23-27)

²⁴Toe sê Jesus vir sy dissipels: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,

²⁵want wie sy lewe wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe ter wille van My verloor, sal dit terugkry.

²⁶Wat sal dit 'n mens help as hy die hele wêreld as wins verkry maar sy lewe verloor, of wat sal 'n mens gee in ruil vir sy lewe?

²⁷Die Seun van die mens gaan saam met sy engele kom. Hy sal beklee wees met dieselfde heerlikheid as sy Vader en sal elkeen volgens sy dade vergeld.

²⁸Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterwe voordat hulle die Seun van die mens in sy koninkryk sien kom het nie.”

Matteüs 17

Die verheerliking op die berg

(Mark. 9:2-8; Luk. 9:28-36)

- ¹Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en sy broer Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle alleen was.
- ²Daar het sy voorkoms voor hulle oë verander: sy gesig het begin straal soos die son, en sy klere het wit geword soos die lig.
- ³Skielik het Moses en Elia aan hulle verskyn en met Jesus gepraat.
- ⁴Toe sê Petrus vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. As U wil, sal ek hier drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”
- ⁵Terwyl hy nog praat, het 'n helderligte wolk skielik sy skaduwee oor hulle gegooi, en 'n stem uit die wolk het gesê: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug. Luister na Hom.”
- ⁶Toe sy dissipels dit hoor, het hulle baie bang geword en op die grond neergeval.
- ⁷Maar Jesus het na hulle toe gekom, hulle aangeraak en gesê: “Staan op en moenie bang wees nie.”
- ⁸Toe hulle opkyk, het hulle niemand gesien nie, net Jesus alleen.

Die koms van Elia

(Mark. 9:9-13)

- ⁹Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle beveel: “Wat julle gesien het, moet julle vir niemand vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgewek is nie.”
- ¹⁰Die dissipels vra Hom toe: “Waarom sê die skrifgeleerdes dan dat Elia eers moet kom? ”
- ¹¹“Elia kom wel om alles weer reg te maak,” antwoord Hy,
- ¹²“maar Ek sê vir julle Elia het al gekom, maar hulle het hom nie herken nie en met hom gemaak net wat hulle wou. So sal ook die Seun van die mens deur hulle mishandel word.”

¹³Toe het die dissipels verstaan dat Hy met hulle van Johannes die Doper gepraat het.

Jesus maak 'n seun gesond

(Mark. 9:14-29; Luk. 9:37-43)

¹⁴Toe hulle weer by die mense kom, het 'n man voor Hom kom kniel

¹⁵en gesê: “Here, ontferm U tog oor my seun, want hy is geestelik versteurd en hy ly verskriklik. Hy val dikwels in die vuur en dikwels in die water.

¹⁶Ek het hom al na u dissipels toe gebring, en hulle kon hom nie gesond maak nie.”

¹⁷“Ongelowige en ontaarde geslag,” het Jesus gesê, “hoe lank moet Ek nog saam met julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier vir My! ”

¹⁸Jesus het die bose gees skerp aangespreek, en die bose gees het van die seun af weggegaan. Van daardie oomblik af het die seun gesond geword.

¹⁹Die dissipels het toe alleen na Jesus toe gekom en gevra: “Waarom kon ons hom nie uitdryf nie? ”

²⁰“Omdat julle geloof te klein is,” sê Hy vir hulle. “Dit verseker Ek julle: As julle maar geloof het so groot soos 'n mosterdsaadjie, sal julle vir hierdie berg sê: ‘Gaan staan daar anderkant! ’ en hy sal gaan. Niks sal vir julle onmoontlik wees nie.”

Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan

(Mark. 9:30-32; Luk. 9:43-45)

²²Toe die dissipels weer in Galilea bymekaar was, het Jesus vir hulle gesê: “Die Seun van die mens gaan oorgelewer word in die hande van mense,

²³en hulle sal Hom doodmaak, en op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.” Hieroor het hulle baie bedroef geword.

Die tempelbelasting

²⁴By hulle aankoms in Kapernaum het die amptenare wat die tempelbelasting invorder, na Petrus toe gegaan en gesê: “Wat van julle leermeester? Betaal hy dan nie tempelbelasting nie? ”

²⁵“Ja, natuurlik,” antwoord hy. Toe hy in die huis kom, was Jesus hom voor met die vraag: “Simon, hoe dink jy: Van wie vorder die konings van die wêreld tol of belasting in? Van hulle seuns of van ander mense? ”

²⁶Toe Petrus antwoord: “Van ander mense,” sê Jesus vir hom: “Dan is die seuns mos vrygestel.

²⁷Maar ons moenie hierdie mense aanstoot gee nie. Gaan see toe en gooi hoek in, en die eerste vis wat byt, moet jy uittrek. As jy sy bek oopmaak, sal jy 'n silwermuntstuk daarin kry. Vat dit en betaal hulle die belasting vir My en vir jou.”

Matteüs 18

Die belangrikste in die koninkryk

(Mark. 9:33-37; Luk. 9:46-48)

¹In daardie tyd het die dissipels by Jesus gekom met die vraag: “Wie is die belangrikste in die koninkryk van die hemel? ”

²Hy het 'n kindjie nader geroep en hom tussen hulle laat staan

³en gesê: “Dit verseker Ek julle: As julle nie verander en soos kindertjies word nie, sal julle beslis nie in die koninkryk van die hemel kom nie.

⁴Wie homself gering ag soos hierdie kindjie, hy is die belangrikste in die koninkryk van die hemel.

⁵En wie so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My.”

Aanleiding tot afvalligheid

(Mark. 9:42-48; Luk. 17:1-2)

⁶“Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig maak, vir hom is dit beter as hy met 'n groot meulsteen aan sy nek in die diep see verdrink.

⁷Hoe jammer tog vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom.

⁸“As jou hand of jou voet jou van My afvallig maak, kap hom af en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om vermink of kreupel die lewe in te gaan as om met altwee jou hande of voete in die ewige vuur gegooi te word.

⁹En as jou oog jou van My afvallig maak, ruk hom uit en gooi hom van jou af weg. Dit is vir jou beter om met een oog die lewe in te gaan as om met altwee oë in die vuur van die hel gegooi te word.”

Die gelykenis van die verlore skaap

(Luk. 15:3-7)

¹⁰“Julle moet nooit een van hierdie kleintjies minag nie, want Ek verseker julle dat hulle engele in die hemel gedurigdeur by my hemelse Vader is.

¹²“Hoe dink julle? As iemand honderd skape het en een van hulle raak weg, sal hy nie die nege en negentig daar in die bergveld laat staan en die een wat weg is, gaan soek nie?

¹³En as hy hom kry, verseker Ek julle, is hy blyer oor hom as oor die nege en negentig wat nie weggeraak het nie.

¹⁴So is dit ook nie die wil van julle Vader in die hemel dat een van hierdie kleintjies verlore moet gaan nie.”

'n Broer wat sondig

(Luk. 17:3)

¹⁵“As jou broer verkeerd opgetree het teen jou, gaan wys hom tereg waar julle eenkant alleen is. As hy na jou luister, het jy jou broer teruggewen.

¹⁶Maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat alles wat gesê word, deur die woord van twee of drie getuies bevestig kan word.

¹⁷En as hy na hulle nie luister nie, sê dit vir die gemeente. As hy ook na die gemeente nie luister nie, moet jy hom as 'n heiden en 'n tollenaar behandel.

¹⁸“Dit verseker Ek julle: Wat julle ook al op die aarde toesluit, sal in die hemel toegesluit bly; en wat julle ook al op die aarde oopsluit, sal in die hemel oopgesluit bly.

¹⁹Verder verseker Ek julle: As twee van julle op aarde oor enige saak saamstem en daaroor bid, sal my Vader wat in die hemel is, hulle dit laat kry,

²⁰want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle.”

Die plig om te vergewe

²¹Daarna het Petrus na Jesus toe gekom en gevra: “Here, hoeveel keer moet ek my broer vergewe as hy iets verkeerds teen my doen? Selfs sewe keer? ”

²²Jesus antwoord hom: “Ek sê vir jou, nie sewe keer nie maar selfs sewentig maal sewe keer.

²³Daarom kan die koninkryk van die hemel vergelyk word met 'n koning wat besluit het om saam met sy amptenare hulle boeke na te gaan.

²⁴Toe hy daarmee begin, is een amptenaar na hom toe gebring wat miljoene rand geskuld het.

²⁵Hy kon dit nie betaal nie, en daarom het die koning beveel dat hy en sy vrou en sy kinders en alles wat hy het, verkoop en die skuld betaal moet word.

²⁶Die man het voor hom neergeval en gesoebat: ‘Gee my tog uitstel; ek sal u alles terugbetaal.’

²⁷Die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy skuld afgeskryf.

²⁸“Toe daardie man buite kom, het hy een van sy medeamptenare raakgeloop wat hom net 'n paar rand geskuld het. Hy het hom gegryp en gewurg, en gesê: ‘Betaal wat jy skuld!’

²⁹Sy medeamptenaar het voor hom neergeval en hom gesmeek: ‘Gee my tog uitstel, ek sal jou betaal.’

³⁰Maar hy wou nie en hy is daar weg om hom in die tronk te laat gooi totdat hy die skuld betaal het.

³¹“Toe sy medeamptenare sien wat gebeur het, was hulle diep teleurgesteld, en hulle het alles wat gebeur het, vir hulle koning gaan vertel.

³²Die koning het hom laat haal en vir hom gesê: ‘Jou skurk! Al daardie skuld het ek vir jou afgeskryf omdat jy my gesoebat het.

³³Moes jy nie ook jou medeamptenaar jammer gekry het soos ek jou jammer gekry het nie?’

³⁴Die koning was woedend en het hom oorgegee om gemartel te word totdat hy al die skuld betaal het.

³⁵“So sal my Vader wat in die hemel is, ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie.”

Matteüs 19

Gesprek oor egskeiding

(Mark. 10:1-12)

¹Nadat Jesus klaar gepraat het, het Hy uit Galilea vertrek en in die gebied van Judea anderkant die Jordaan gekom.

²Groot menigtes het agter Hom aan gegaan, en Hy het hulle daar gesond gemaak.

³Daar was Fariseërs wat Hom op die proef wou stel, en hulle kom toe by Hom met die vraag: “Mag 'n man sommer oor enige ding van sy vrou skei? ”

⁴Hy het hulle geantwoord: “Het julle nie gelees dat die Skepper hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie?

⁵Daarby het Hy gesê: ‘Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe en hulle twee sal een wees.’

⁶Hulle is dus nie meer twee nie, maar een. Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.”

⁷Hulle vra Hom toe: “Waarom het Moses dan bepaal dat, as iemand sy vrou 'n skeibrief gee, hy van haar kan skei? ”

⁸Hy antwoord hulle: “Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie.

⁹Ek sê vir julle: Elkeen wat van sy vrou skei, behalwe oor owerspel, en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk.”

¹⁰Sy dissipels sê toe vir Hom: “As dit is hoe die saak met man en vrou staan, is dit beter om nie te trou nie.”

¹¹Maar Hy sê vir hulle: “Wat julle nou sê, is nie vir almal moontlik nie, net vir dié aan wie dit gegee is.

¹²Daar is mense wat nie kan trou nie omdat hulle van hulle geboorte af so is, ander is deur mense so gemaak, en ander het self so gekies ter wille van die koninkryk van die hemel. “Wie dit kan doen, laat hy dit doen.”

Jesus seën die kindertjies

(Mark. 10:13-16; Luk. 18:15-17)

¹³Die mense het kindertjies na Hom toe gebring dat Hy hulle die hande moet oplê en vir hulle moet bid. Sy dissipels het met hulle daarvoor geraas.

¹⁴Maar Jesus het gesê: “Laat staan die kindertjies en moet hulle nie verhinder om na My toe te kom nie, want die koninkryk van die hemel is juis vir mense soos hulle.”

¹⁵Nadat Hy hulle die hande opgelê het, het Hy daarvandaan weggegaan.

Die ryk jongman

(Mark. 10:17-31; Luk. 18:18-30)

¹⁶Daar het iemand na Hom toe gekom en gesê: “Meneer, watter goeie daad moet ek doen om die ewige lewe te verkry? ”

¹⁷Hy het vir hom gesê: “Waarom vra jy My uit oor wat goed is? Daar is net Een wat goed is. Maar as jy die ewige lewe wil ingaan, onderhou die gebooie.”

¹⁸“Watter gebooie bedoel u? ” het hy vir Hom gevra. Jesus het gesê: “Dit: Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie,

¹⁹eer jou vader en jou moeder en: jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

²⁰“Dit alles het ek nagekom,” het die jongman gesê. “In watter opsig skiet ek nog te kort? ”

²¹Jesus het hom geantwoord: “As jy volmaak wil wees, gaan verkoop jou besittings en gee die geld vir die armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My.”

²²Toe die jongman dit hoor, het hy bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

²³Jesus het toe vir sy dissipels gesê: “Dit verseker Ek julle: 'n Ryk mens sal moeilik in die koninkryk van die hemel kom.

²⁴Ek stel dit nog sterker: Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.”

²⁵Toe die dissipels dit hoor, het dit hulle geweldig ontstel, en hulle het gesê: “Wie kan dan gered word? ”

²⁶Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik, maar vir God is alles moontlik.”

²⁷Toe sê Petrus vir Hom: “Kyk, ons het alles verlaat en U gevolg. Wat sal ons daarvoor kry? ”

²⁸Jesus antwoord hulle: “Dit verseker Ek julle: Wanneer alles nuut gemaak word, as die Seun van die mens op sy koninklike troon sit, sal ook julle wat My gevolg het, op twaalf trone sit en oor die twaalf stamme van Israel regeer.

²⁹En elkeen wat ter wille van my Naam afgesien het van huise of broers of susters of vader of moeder of kinders of grond, sal honderd maal soveel ontvang en die ewige lewe as erfenis kry.

³⁰“Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”

Matteüs 20

Gelykenis van die arbeiders in die wingerd

¹“Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met die eienaar van 'n wingerd wat vroeg in die môre uitgegaan het om arbeiders vir sy wingerd te huur.

²“Nadat hy met die arbeiders ooreengekom het om hulle die gewone dagloon te betaal, stuur hy hulle om in sy wingerd te gaan werk.

³Teen nege-uur gaan hy weer uit en sien ander werkloos op die mark rondstaan,

⁴en hy sê vir hulle: ‘Gaan werk julle ook in my wingerd, en wat billik is, sal ek julle betaal.’

⁵Hulle is toe soontoe. Teen twaalfuur en teen drie-uur het hy weer uitgegaan en dieselfde gedoen.

⁶Omtrent vyfuur gaan hy uit en kry ander wat daar rondstaan, en hy sê vir hulle: 'Waarom staan julle heeldag werkloos hier rond? '

⁷Hulle antwoord hom: 'Omdat niemand ons gehuur het nie.' 'Gaan werk julle ook in my wingerd,' sê hy toe vir hulle.

⁸"Toe dit aand word, sê die eienaar van die wingerd vir sy voorman: 'Roep die arbeiders en betaal hulle hulle loon. Begin by die laastes en eindig by die eerstes.'

⁹"Dié wat teen vyfuur gehuur is, kom toe en kry elkeen die gewone dagloon.

¹⁰Die mense wat eerste gehuur is, het gedink hulle sou meer kry, maar toe hulle aan die beurt kom, kry hulle ook elkeen die gewone dagloon.

¹¹Hulle vat toe die geld maar begin by die eienaar kla

¹²en sê: 'Hierdie laastes het net een uur gewerk, en nou betaal u hulle dieselfde loon as vir ons wat die hele dag hard gewerk het in die warm son.'

¹³"Maar hy antwoord een van hulle: 'Vriend, ek doen jou geen onreg aan nie. Het jy nie met my ooreengekom vir die gewone dagloon nie?

¹⁴Vat jou geld en gaan huis toe. Ek wil vir hierdie laaste een dieselfde gee as vir jou.

¹⁵Mag ek dan nie met my geld maak wat ek wil nie? Of is jy afgunstig omdat ek goed is? '

¹⁶"So sal die laastes eerste wees, en die eerstes laaste."

Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Mark. 10:32-34; Luk. 18:31-34)

¹⁷Terwyl Jesus na Jerusalem toe op pad was, neem Hy die twaalf dissipels opsy, en so in die loop sê Hy vir hulle:

¹⁸“Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel.

¹⁹Hulle sal Hom uitlewer aan die heidene, wat Hom sal bespot en gesel en kruisig. En op die derde dag sal Hy uit die dood opgewek word.”

Die versoek van Jakobus en Johannes

(Mark. 10:35-45; Luk. 22:24-30)

²⁰Toe kom die vrou van Sebedeus met haar twee seuns by Jesus en kniel voor Hom om Hom 'n guns te vra.

²¹“Wat kan Ek vir u doen? ” vra Hy vir haar. Sy sê vir Hom: “Belowe my dat hierdie twee seuns van my in u koninkryk langs U mag sit, een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”

²²Toe antwoord Jesus: “Julle weet nie wat julle vra nie. Kan julle die lydensbeker drink wat Ek gaan drink? ” “Ons kan,” antwoord hulle.

²³Jesus sê toe vir hulle: “Ja, my beker sal julle drink. Maar om aan my regter- en my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie my Vader dit gereed gemaak het.”

²⁴Toe die tien ander dissipels dit hoor, was hulle kwaad vir die twee broers.

²⁵Jesus roep hulle toe nader en sê: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat die regeerders oor hulle baasspeel, en dat die groot manne die mag oor hulle misbruik.

²⁶Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees;

²⁷en elkeen wat onder julle die eerste wil wees, moet julle slaaf wees.

²⁸So is dit ook met die Seun van die mens: Hy het nie gekom om gedien te word nie maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Jesus maak twee blindes gesond

(Mark. 10:46-52; Luk. 18:35-43)

²⁹Toe hulle uit Jerigo uitgaan, het 'n groot menigte Jesus gevolg.

³⁰Twee blinde mans wat langs die pad gesit het, het gehoor dat Jesus verbykom. Toe roep hulle uit: “Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!”

³¹Die mense het met hulle geraas en gesê hulle moet stilbly, maar hulle het al hoe harder geroep: “Here, Seun van Dawid, ontferm U tog oor ons!”

³²Jesus het gaan staan, hulle geroep en gevra: “Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen?”

³³Hulle sê toe vir Hom: “Here, dat ons oë oopgaan.”

³⁴Jesus het hulle innig jammer gekry en hulle oë aangeraak. Dadelik kon hulle sien en het hulle Hom gevolg.

Matteüs 21

Die intog van Jesus in Jerusalem

(Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-38; Joh. 12:12-19)

¹Toe hulle naby Jerusalem kom en Betfage aan die Olyfberg bereik, het Jesus twee dissipels vooruit gestuur

²en vir hulle gesê: “Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n donkie kry wat vasgemaak is, en 'n vul by haar. Maak haar los en bring hulle vir My.

³En as iemand vir julle iets daaroor sê, antwoord dan: Die Here het hulle nodig, en Hy sal hulle gou weer terugstuur.”

⁴Dit het gebeur sodat die uitspraak van die profeet vervul sou word:

⁵“Sê vir Sion: Kyk, jou Koning kom na jou toe; Hy is nederig en Hy ry op 'n donkie, op die vul van 'n pakkier.”

⁶Die twee dissipels het toe vooruit gegaan en gedoen wat Jesus hulle beveel het.

⁷Hulle het die donkie en die vul gebring, van hulle klere op die diere gesit, en Jesus het opgeklim.

⁸Die grootste deel van die skare het van hulle klere op die pad oopgegooi, en ander het takkies van die bome afgebreek en dit op die pad gestrooi.

⁹Die mense wat voor Jesus geloop het en dié wat agter Hom aan gekom het, het begin uitroep: “Prys die Seun van Dawid! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! Prys Hom in die hoogste hemel! ”

¹⁰Toe Jesus in Jerusalem ingaan, het die hele stad in beroering gekom en gevra: “Wie is hierdie man? ”

¹¹Die skare het geantwoord: “Dit is die profeet Jesus van Nasaret in Galilea! ”

Die reiniging van die tempel

(Mark. 11:15-19; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-22)

¹²Jesus het tempel toe gegaan en al die mense wat op die tempelplein koop en verkoop, daar uitgejaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkopers het Hy omgegooi

¹³en vir hulle gesê: “Daar staan geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed wees,’ maar julle maak dit 'n rowersnes.”

¹⁴Blindes en kreupeles het daar in die tempel na Hom toe gekom, en Hy het hulle gesond gemaak.

¹⁵Maar toe die priesterhoofde en die skrifgeleerdes die wonderlike dinge sien wat Hy doen, en ook die kinders wat in die tempel aanhou uitroep: “Prys die Seun van Dawid! ” was hulle verontwaardig.

¹⁶Hulle sê toe vir Hom: “Hoor jy wat sê hulle daar? ” “Ja,” antwoord Jesus. “Het julle nooit gelees nie: U het daarvoor gesorg dat kinders en suigeling u lof sing? ”

¹⁷Toe het Hy hulle verlaat en uit die stad uitgegaan na Betanië toe, waar Hy die nag gebly het.

Jesus vervloek die vyeboom

(Mark. 11:12-14,20-24)

¹⁸Vroeg die môre op pad terug stad toe het Jesus honger gekry.

¹⁹Toe Hy 'n alleenstaande vyeboom langs die pad sien, gaan Hy daarheen, maar Hy het niks anders as blare daaraan gekry nie. Hy sê toe vir die boom: “Jy sal in der ewigheid nooit weer vrugte dra nie.” En die vyeboom het dadelik verdroog.

²⁰Toe die dissipels dit sien, was hulle verbaas en het hulle gevra: “Hoe het die vyeboom dan so skielik verdroog? ”

²¹Daarop antwoord Jesus hulle: “Dit verseker Ek julle: As julle geloof het en nie twyfel nie, sal julle kan doen wat Ek aan die vyeboom gedoen het. Meer nog: Julle sal vir hierdie berg kan sê: ‘Lig jou op en val in die see!’ en dit sal gebeur.

²²As julle glo, sal julle alles ontvang wat julle in die gebed vra.”

Die vraag oor Jesus se gesag

(Mark. 11:27-33; Luk. 20:1-8)

²³Jesus het na die tempel toe gegaan, en terwyl Hy besig was om die mense te leer, kom die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk na Hom toe en vra: “Met watter gesag doen u hierdie dinge? En wie het u hierdie gesag gegee?”

²⁴Toe antwoord Jesus hulle: “Ek gaan julle een ding vra, en as julle My daarop antwoord, sal Ek vir julle sê met watter gesag Ek hierdie dinge doen.

²⁵Die doop van Johannes, waar het dit vandaan gekom: van God, of van mense af? ” Hulle redeneer toe onder mekaar: “As ons sê: ‘Van God af,’ sal hy vir ons sê: ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie?’ ”

²⁶Maar as ons sê: ‘Van mense af,’ kom ons by die mense in die moeilikheid, want almal beskou Johannes as 'n profeet.”

²⁷Toe antwoord hulle vir Jesus: “Ons weet nie.” En Hy sê vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Die gelykenis van die twee seuns

²⁸“Wat sê julle hiervan? Daar was 'n man met twee seuns. Hy het vir die een gaan sê: ‘Seun, gaan werk vandag in die wingerd.’

²⁹‘Ek wil nie!’ antwoord hy, maar later het hy spyt gekry en tog gegaan.

³⁰Die man het toe na die ander seun toe gegaan en vir hom dieselfde gesê. Hy het geantwoord: ‘Goed, Pa,’ maar hy het nie gegaan nie.

³¹Wie van die twee het gedoen wat hulle pa wou hê? ” Hulle sê: “Die eerste.” Toe sê Jesus vir hulle: “Dit verseker Ek julle: Tollenaars en prostitute gaan eerder as julle in die koninkryk van God in.

³²Johannes het gekom om julle die regte pad te wys, en julle het hom nie geglo nie, maar tollenaars en prostitute het hom geglo. Maar selfs toe julle dit sien, het julle nie agterna berou gekry en hom geglo nie.”

Die gelykenis van die boere en die wingerd

(Mark. 12:1-12; Luk. 20:9-19)

³³“Luister na nog 'n gelykenis,” het Jesus gesê. “Daar was 'n grondbesitter wat 'n wingerd geplant en 'n klipmuur daar rondom gebou het. Hy het daarin ook 'n parskuip uitgekap en 'n wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere verhuur en op reis gegaan.

³⁴Toe dit tyd geword het vir die druiweoes, het hy van sy slawe na die boere toe gestuur om sy deel van die oes te gaan haal.

³⁵Maar die boere het sy slawe gevang, die een geslaan, en 'n ander een doodgemaak en 'n ander een gestenig.

³⁶Die eienaar het toe weer ander slawe gestuur, meer as die eerstes, maar die boere het met hulle net so gemaak.

³⁷Heel laaste het hy sy seun na hulle toe gestuur met die gedagte: hulle sal tog my seun ontsien.

³⁸Maar toe die boere die seun sien, sê hulle vir mekaar: ‘Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood en vat sy erfenis.’

³⁹Hulle het hom toe gegryp en hom uit die wingerd uitgegooi en doodgemaak.

⁴⁰“As die eienaar van die wingerd terugkom, wat sal hy met daardie boere doen? ”

⁴¹Hulle antwoord Hom: “Hy sal daardie slegte mense 'n vreeslike dood laat sterwe en die wingerd aan ander boere verhuur wat hom op die regte tyd sy deel van die oes sal gee.”

⁴²Toe sê Jesus vir hulle: “Julle het tog al in die Skrif gelees: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword. Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë.

⁴³“Daarom sê Ek vir julle dat die koninkryk van God van julle weggeneem sal word en aan 'n volk gegee sal word wat die vrugte daarvan sal lewer.

⁴⁴“Wie op hierdie klip val, sal verpletter word, en die een op wie hy val, sal hy vermorsel.”

⁴⁵Toe die priesterhoofde en die Fariseërs Jesus se gelykenisse hoor, het hulle besef dat Hy op hulle sinspeel.

⁴⁶Daarom wou hulle Hom gevange neem, maar hulle was bang vir die skare, omdat dié Hom as 'n profeet beskou het.

Matteüs 22

Die gelykenis van die bruilof

(Luk. 14:15-24)

¹Jesus het weer in gelykenisse met die mense gepraat.

²Hy het gesê: “Met die koninkryk van die hemel gaan dit soos met 'n koning wat vir sy seun 'n bruilofsfees voorberei het.

³Hy het sy slawe uitgestuur om die genooies na die bruilof te roep, maar hulle wou nie kom nie.

⁴Toe stuur hy weer ander slawe met die opdrag: ‘Sê vir die genooies: Die maaltyd is reg; my beeste en vetgemaakte vee is geslag, en alles is gereed. Kom na die bruilof toe.’

⁵“Maar die genooies het hulle nie daaraan gesteur nie, en die een het na sy stuk grond en 'n ander een na sy werkplek toe gegaan.

⁶En party het sy slawe gegryp en mishandel en doodgemaak.

⁷Die koning het kwaad geword en sy leer gestuur om daardie moordenaars dood te maak en hulle stad aan die brand te steek.

⁸“Toe sê hy vir sy slawe: ‘Alles staan klaar vir die bruilofsfees, maar die genooïdes was dit nie werd nie.

⁹Gaan nou uit na die straathoeke en nooi soveel mense as wat julle teenkom, na die bruilofsfees toe.’

¹⁰Toe het daardie slawe uitgegaan op die strate en almal wat hulle gekry het, bymekaargemaak, slegtes sowel as goeies. So het die feessaal vol gaste geword.

¹¹“Toe die koning ingaan om na die gaste te kyk, sien hy daar 'n man wat nie bruilofsklere aanhet nie,

¹²en hy sê vir hom: ‘Vriend, hoe het jy hier ingekom sonder bruilofsklere aan? ’ Maar die man kon niks antwoord nie.

¹³Toe sê die koning vir sy dienaars: ‘Bind sy hande en sy voete vas en gooi hom uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.’

¹⁴“Baie is immers geroep, maar min is uitverkies.”

Die vraag oor die betaal van belasting

(Mark. 12:13-17; Luk. 20:20-26)

¹⁵Toe het die Fariseërs gaan besluit om Jesus met 'n vraag in 'n val te lok.

¹⁶Hulle stuur toe van hulle volgelingen saam met 'n aantal Herodiane om vir Hom te sê: “Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek en getrou aan die waarheid die wil van God bekend maak sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie.

¹⁷Sê vir ons wat dink u: Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie? ”

¹⁸Maar Jesus het deur hulle valsheid gesien en vir hulle gesê: “Huigelaars! Waarom stel julle vir My 'n strik?

¹⁹Wys vir My die muntstuk waarmee die belasting betaal word.” Hulle bring toe die muntstuk vir Hom,

²⁰en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en naam is hierop? ”

²¹“Die keiser s'n,” antwoord hulle. Jesus sê vir hulle: “Gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.”

²²Toe hulle dit hoor, was hulle verbaas en het hulle Hom met rus gelaat en weggegaan.

Die vraag oor die opstanding uit die dood

(Mark. 12:18-27; Luk. 20:27-40)

²³Op dieselfde dag het daar Sadduseërs by Jesus gekom. Dit is hulle wat beweer dat daar nie 'n opstanding is nie. Hulle vra Hom toe:

²⁴“Meneer, Moses het gesê: ‘As iemand sterwe sonder om kinders te hê, moet sy broer met die weduwee trou en 'n nageslag vir sy broer verwek.’

²⁵Nou was daar by ons sewe broers. Die oudste het getrou en gesterwe. Omdat daar nie kinders was nie, het sy broer met die weduwee getrou.

²⁶Dieselfde het gebeur met die tweede en die derde broer en uiteindelik met al sewe.

²⁷En heel laaste van almal het die vrou ook gesterwe.

²⁸Met die opstanding dan, wie se vrou sal sy wees? Al sewe het haar mos as vrou gehad.”

²⁹Maar Jesus antwoord hulle: “Julle dwaal omdat julle nie die Skrif en ook nie die krag van God ken nie.

³⁰Met die opstanding trou die mense nie meer nie, maar is hulle soos die engele in die hemel.

³¹En wat die opstanding van die dooies betref, het julle dan nie gelees wat God vir julle gesê het nie:

³²‘Ek is die God van Abraham, die God van Isak, en die God van Jakob’? Hy is nie die God van dooies nie maar van lewendes.”

³³Toe die skare dit hoor, was hulle verslae oor sy leer.

Die vraag oor die grootste gebod

(Mark. 12:28-34; Luk. 10:25-28)

³⁴Toe die Fariseërs hoor dat Jesus die Sadduseërs die mond gesnoer het, het hulle bymekaargekom,

³⁵en een van hulle, 'n wetgeleerde, het Hom met 'n vraag probeer vastrek.

³⁶“Meneer,” vra hy, “wat is die grootste gebod in die wet? ”

³⁷Jesus antwoord hom: “ ‘Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel’ en met jou hele verstand.

³⁸Dit is die grootste en die eerste gebod.

³⁹En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’

⁴⁰In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat.”

Die vraag oor die Seun van Dawid

(Mark. 12:35-37; Luk. 20:41-44)

⁴¹Toe die Fariseërs bymekaar was, vra Jesus vir hulle:

⁴²“Wat dink julle van die Christus? Wie se seun is Hy? ” “Dawid s'n,” antwoord hulle Hom.

⁴³Hy sê toe vir hulle: “Waarom het Dawid deur die ingewing van die Gees Hom dan ‘Here’ genoem? Hy sê tog:

⁴⁴“ ‘Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.’

⁴⁵“As Dawid self Hom ‘Here’ noem, hoe kan Hy dan Dawid se seun wees? ”

⁴⁶Niemand kon Hom daarop iets antwoord nie. Van dié dag af het niemand dit meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie.

Matteüs 23

Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes en die Fariseërs

(Mark. 12:38-39; Luk. 11:43-46; 20:45-46)

¹Toe het Jesus die menigte en sy dissipels toegespreek

²en gesê: “Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het die gesag om die wet van Moses te vertolk.

³Julle moet alles doen en onderhou wat hulle vir julle sê, maar hulle voorbeeld moet julle nie navolg nie, want hulle doen self nie wat hulle sê nie.

⁴Hulle bind swaar en ondraaglike laste saam en sit dit op die mense se skouers, maar self wil hulle nie 'n vinger verroer om dit te dra nie.

⁵Alles wat hulle doen, doen hulle net om deur mense gesien te word. Hulle maak die gebedsband om hulle voorkop breed, en die tossels aan hulle klere groot.

⁶Hulle hou van die ereplekke by die feesmaaltye, en van die voorste plekke in die sinagoges

⁷en om op straat deur die mense begroet en as 'rabbi' aangespreek te word.

⁸“Maar julle moet julle nie ‘rabbi’ laat noem nie; net Een is julle Leermeester en julle is almal broers.

⁹Moet niemand hier op aarde as ‘vader’ aanspreek nie, want Een is julle Vader: die Vader in die hemel.

¹⁰Julle moet julle nie ‘leiers’ laat noem nie, want Een is julle Leier: die Christus.

¹¹“Maar die grootste onder julle moet bereid wees om die ander te dien.

¹²Wie hoogmoedig is, sal verneder word, en wie nederig is, sal verhoog word.”

Jesus veroordeel huigelary

(Mark. 12:40; Luk. 11:39-42; 20:47)

¹³“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle sluit die deur van die koninkryk in die mense se gesig toe. Julle gaan self nie in nie, en julle verhinder dié wat wel wil ingaan.

¹⁵“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle trek oor see en land rond om een bekeerling te maak, en as hy dit word, maak julle hom twee maal so ryp vir die hel as wat julle self is.

¹⁶“Ellende wag vir julle, julle wat ander wil lei en self blind is. Julle sê: ‘As iemand by die tempel 'n eed aflê, is hy nie aan sy eed gebind nie, maar as hy by die goud van die tempel 'n eed aflê, moet hy die eed nakom.’

17Blinde dwase! Wat is belangriker: die goud of die tempel waardeur die goud geheilig word?

18Julle sê ook: 'As iemand by die altaar 'n eed aflê, is hy nie aan sy eed gebind nie, maar as hy by die offergawe bo-op die altaar 'n eed aflê, moet hy die eed nakom.'

19Julle blindes! Wat is belangriker: die offergawe of die altaar waardeur die offergawe geheilig word?

20Wie by die altaar 'n eed aflê, lê 'n eed af by die altaar en by alles wat daarop is.

21Wie by die tempel 'n eed aflê, lê 'n eed af by die tempel en by God wat daarin woon.

22En wie by die hemel 'n eed aflê, lê 'n eed af by die troon van God en by God wat daarop sit.

23"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle gee tiendes van kruisement, anys en koljander, maar wat volgens die wet van God die swaarste weeg, laat julle na: geregtigheid, barmhartigheid en betroubaarheid. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.

24Blinde leiers! Julle skep die muggie uit julle beker uit, maar julle sluk die kameel in.

25"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle maak die buitekant van die beker en die skottel skoon, maar binne is hulle vol hebsug en onmatigheid.

26Blinde Fariseër, maak eers die binnekant van die beker skoon, dan sal sy buitekant ook skoon wees.

27"Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle is soos witgeverfde grafte, wat van buite mooi lyk maar daarbinne vol doodsbene en allerhande onsuiverheid is.

²⁸So is julle ook: van buite lyk julle vir mense vroom, maar van binne is julle vol huigelary en minagting van die wet.”

Jesus kondig hulle straf aan

(Luk. 11:47-51)

²⁹“Ellende wag vir julle, skrifgeleerdes en Fariseërs, huigelaars! Julle hou die grafte van die profete in stand en versier die gedenktekens van die vromes,

³⁰en julle sê: ‘As ons in die dae van ons voorvaders gelewe het, sou ons nie medepligtig gewees het aan die vergieting van die bloed van die profete nie.’

³¹Op dié manier erken julle self dat julle nakomelinge is van die moordenaars van die profete.

³²Gaan maar aan, maak klaar wat julle voorvaders begin het!

³³“Julle slange, addergeslag! Hoe sal julle ontkom aan die straf in die hel?

³⁴Luister dus goed! Ek stuur profete, wyse manne en leraars na julle toe. Julle sal party van hulle doodmaak en kruisig, en party in julle sinagoges gesel en hulle van die een dorp na die ander vervolg.

³⁵So sal julle verantwoordelik wees vir die bloed van al die vromes wat op die aarde uitgestort is, van die bloed van die onskuldige Abel af tot by die bloed van Sagaria seun van Berekja, vir wie julle tussen die tempel en die altaar vermoor het.

³⁶Dit verseker Ek julle: Die straf vir al hierdie dinge sal op die mense van vandag neerkom.”

Klag oor Jerusalem

(Luk. 13:34-35)

³⁷“Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar julle wou nie!

³⁸Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat.

³⁹Maar Ek sê vir julle: Julle sal My van nou af sekerlik nie sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! ”

Matteüs 24

Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word

(Mark. 13:1-2; Luk. 21:5-6)

¹Toe Jesus van die tempel af weggaan, het sy dissipels nader gekom en sy aandag op die tempelgeboue gevestig.

²Maar Hy antwoord hulle: “Julle sien al hierdie dinge? Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.”

Die profetiese rede: rampe en vervolging

(Mark. 13:3-13; Luk. 21:7-19)

³Nadat Jesus op die Olyfberg gaan sit het, kom die dissipels alleen na Hom toe en vra: “Sê vir ons, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat sal die teken van u koms en van die einde van hierdie wêreld wees? ”

⁴Jesus antwoord hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie.

⁵Baie sal onder my Naam kom en sê: ‘Ek is die Christus,’ en hulle sal baie mense mislei.

⁶Julle sal die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor. Pas op, moenie verskrik word nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie.

⁷Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander; daar sal op baie plekke hongersnode en aardbewings wees.

⁸Al hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

⁹“Die mense sal julle oorlewer om mishandel te word, en hulle sal julle doodmaak. Julle sal deur al die nasies gehaat word omdat julle my Naam bely.

¹⁰In daardie tyd sal baie mense van die geloof afvallig word, en hulle sal mekaar verraai en mekaar haat.

¹¹“Daar sal baie vals profete kom, en hulle sal baie mense mislei.

¹²Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel.

¹³Maar wie tot die einde volhard, sal gered word.

¹⁴En hierdie evangelie van die koninkryk sal in die hele wêreld verkondig word, sodat al die nasies die getuienis kan hoor. Eers dan sal die einde kom.”

Die profetiese rede: die groot verdrukking

(Mark. 13:14-23; Luk. 21:20-24)

¹⁵“Wanneer julle ooreenkomstig die woord van die profeet Daniël die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, in die heilige plek sien staan — wie dit lees, moet dit goed begryp —

¹⁶dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug.

¹⁷Die man wat op die dakstoep sit, moet nie ingaan om sy goed uit die huis te gryp nie,

¹⁸en die man wat op die land is, moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie.

¹⁹“Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het.

²⁰Bid dat julle nie in die winter of op 'n sabbatdag hoef te vlug nie,

²¹want in daardie tyd sal daar so 'n groot verdrukking wees soos daar van die begin van die wêreld af nie was nie en ook nie weer sal wees nie.

²²En as dit nie was dat God daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes sal God daardie tyd inkort.

²³“As iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is Hy!’ moet julle dit nie glo nie.

²⁴Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal groot tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, selfs die uitverkorenes te mislei.

²⁵Kyk, Ek het dit vir julle vooruit gesê.

²⁶En as die mense vir julle sê: ‘Kyk, Hy is in die woestyn!’ moet julle nie daarheen gaan nie; of as hulle sê: ‘Hy is in die slaapkamer!’ moet julle dit nie glo nie.

²⁷Die koms van die Seun van die mens sal wees soos 'n weerligstraal wat in die ooste uitslaan en die hele lugruim tot in die weste verlig.

²⁸“Waar die aas ook al lê, daar sal die aasvoëls bymekaarkom.”

Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Mark. 13:24-27; Luk. 21:25-28)

²⁹“Kort na die verdrukking van daardie tyd sal die son verduister word, en die maan sal nie skyn nie; die sterre sal uit die ruimte val, en die kragte van die hemelruim sal ontwig word.

³⁰“Dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemelruim verskyn, en al die volke van die aarde sal verslae wees. Hulle sal die Seun van die mens op die wolke van die hemel sien kom met groot krag en majesteit.

³¹Die groot trompet sal weerklink, en Hy sal sy engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te maak uit die vier windstreke, van elke uithoek van die aarde af.”

Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom

(Mark. 13:28-31; Luk. 21:29-33)

³²“Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke begin sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby.

³³So moet julle ook wanneer julle al hierdie dinge sien, weet dat die tyd naby is, voor die deur.

³⁴Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur.

³⁵Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit.”

Die profetiese rede: die dag en die uur van die wederkoms

(Mark. 13:32-37; Luk. 17:26-30,34-36)

³⁶“Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.

³⁷Soos dit in die dae van Noag was, sal dit ook wees by die koms van die Seun van die mens.

³⁸In daardie dae voor die sondvloed het hulle soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het.

³⁹Hulle het nie besef wat aan die gang was nie, totdat die sondvloed gekom en hulle almal weggesleur het. Net so sal dit gaan by die koms van die Seun van die mens.

⁴⁰Dan sal twee mense op die land werk, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word.

⁴¹Twee vroue sal by die meul koring maal, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word.

⁴²Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet watter dag julle Here kom nie.

⁴³“Onthou dit: as die huiseienaar geweet het watter tyd van die nag die dief kom, sou hy wag gehou het en nie toegelaat het dat daar in sy huis ingebreek word nie.

⁴⁴Om dieselfde rede moet julle ook altyd gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n uur dat julle dit nie verwag nie.”

Die profetiese rede: die getroue en die ontroue slaaf

(Luk. 12:41-48)

⁴⁵“Wie is eintlik die getroue en verstandige slaaf vir wie sy eienaar oor sy ander slawe aangestel het om hulle op tyd kos te gee?

⁴⁶Dit is die slaaf vir wie sy eienaar by sy tuiskoms so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy!

⁴⁷Dit verseker Ek julle: Hy sal hom aanstel oor alles wat hy besit.

⁴⁸“Maar as dit 'n slegte slaaf is, sal hy by homself dink: my eienaar bly lank weg.

⁴⁹Dan sal hy die ander slawe begin slaan en saam met die dronkaards eet en drink.

⁵⁰Die eienaar van daardie slaaf sal op 'n dag kom dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie.

⁵¹Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak en hom die lot van huigelaars laat deel. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.”

Matteüs 25

Die profetiese rede: die gelykenis van die tien meisies

¹“Dan sal dit met die koninkryk van die hemel gaan soos met tien meisies wat hulle lampe gevat het om die bruidegom te gaan inwag.

²Vyf van hulle was onverstandig en vyf verstandig.

³Die onverstandiges het hulle lampe gevat maar nie ekstra olie met hulle saamgevat nie,

⁴terwyl die verstandiges saam met hulle lampe ook nog olie in houters gevat het.

⁵Toe die bruidegom lank wegbly, het hulle almal vaak geword en aan die slaap geraak.

⁶“In die middel van die nag was daar 'n geroep: ‘Hier kom die bruidegom! Gaan hom tegemoet! ’

⁷Toe staan al die meisies op en maak hulle lampe reg.

⁸Die onverstandiges sê toe vir die verstandiges: ‘Gee vir ons van julle olie, want ons lampe gaan dood.’

⁹Maar die verstandiges antwoord: ‘Nee, daar is nie genoeg vir ons en vir julle nie. Gaan liewer winkel toe en koop vir julle olie.’

¹⁰“Terwyl die onverstandiges olie gaan koop het, het die bruidegom gekom. Dié wat gereed was, het saam met hom ingegaan na die bruilof toe, en die deur is gesluit.

¹¹“Later kom die ander meisies ook daar aan en roep: ‘Meneer, Meneer, maak vir ons oop! ’

¹²Maar die bruidegom antwoord: ‘Ek sê vir julle: Ek ken julle nie!’

¹³“Waak dan, omdat julle nie weet op watter dag en uur dit sal gebeur nie.”

Die profetiese rede: die gelykenis van die muntstukke

(Luk. 19:11-27)

¹⁴“Verder gaan dit soos met 'n man wat op reis wou gaan. Hy het sy slawe bymekaargeroep en sy besittings aan hulle toevertrou.

¹⁵Vir een het hy vyf goue muntstukke gegee, vir 'n ander twee, en vir 'n derde een. Hy het aan elkeen volgens sy bekwaamheid gegee en toe op reis gegaan.

¹⁶“Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, het dadelik daarmee gaan werk en 'n wins gemaak van nog vyf.

¹⁷So ook die een wat twee gekry het: hy het 'n wins gemaak van nog twee.

¹⁸Maar die slaaf wat een gekry het, het 'n gat in die grond gaan grawe en sy eienaar se geld daarin weggesteek.

¹⁹“Na 'n lang tyd het die eienaar van daardie slawe teruggekom en van hulle rekenskap gevra.

²⁰Die een wat vyf goue muntstukke ontvang het, kom toe en bring die ander vyf saam, en sê: ‘Meneer, vyf goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met vyf ander wat ek wins gemaak het.’

²¹Toe sê sy eienaar vir hom: ‘Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’

²²“Toe kom die een met die twee goue muntstukke en sê: ‘Meneer, twee goue muntstukke het u aan my toevertrou. Hier is dit met twee ander wat ek wins gemaak het.’

²³Sy eienaar sê toe vir hom: ‘Mooi so! Jy is 'n goeie en getroue slaaf. Oor min was jy getrou, oor baie sal ek jou aanstel. Kom in en deel in my vreugde!’

²⁴“Toe kom die een wat een goue muntstuk ontvang het, en sê: ‘Meneer, ek ken u en weet dat u 'n harde man is, wat oes waar u nie gesaai het nie, en pluk waar u nie geplant het nie.

²⁵Omdat ek bang was, het ek u muntstuk in die grond gaan begrawe. Hier het u u geld terug.'

²⁶Toe sê sy eienaar vir hom: 'Jy is 'n slegte en 'n lui slaaf! Jy het geweet dat ek oes waar ek nie gesaai het nie, en pluk waar ek nie geplant het nie.

²⁷Dan moes jy my geld in die bank gesit het, en ek sou dit by my koms met rente teruggekry het.

²⁸Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit aan die een wat die tien het.

²⁹Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en hy sal oorvloed hê; maar van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.

³⁰En gooi die nuttelose slaaf uit in die diepste duisternis daarbuite. Daar sal hulle huil en op hulle tande kners.' "

Die profetiese rede: die laaste oordeel

³¹"Wanneer die Seun van die mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op sy koninklike troon gaan sit.

³²Al die volke sal voor Hom bymekaar gebring word, en Hy sal die mense van mekaar skei soos 'n wagter die skape van die bokke skei.

³³Die skape sal Hy regs en die bokke links van Hom laat staan.

³⁴"Dan sal die Koning vir dié aan sy regterkant sê: 'Kom, julle wat deur my Vader geseën is! Die koninkryk is van die skepping van die wêreld af vir julle voorberei. Neem dit as erfenis in besit,

³⁵want Ek was honger, en julle het My iets gegee om te eet; Ek was dors, en julle het My iets gegee om te drink; Ek was 'n vreemdeling, en julle het My gehuisves;

³⁶Ek was sonder klere, en julle het vir My klere gegee; siek, en julle het My verpleeg; in die tronk, en julle het My besoek.'

³⁷Dan sal dié wat die wil van God gedoen het, Hom vra: 'Here, wanneer het ons U honger gesien en U gevoed, of dors en U iets gegee om te drink?

³⁸En wanneer het ons U 'n vreemdeling gesien en U gehuisves, of sonder klere, en vir U klere gegee?

³⁹Wanneer het ons U siek gesien of in die tronk en U besoek? ’

⁴⁰En die Koning sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen.’

⁴¹“Dan sal die Koning vir dié aan sy linkerkant sê: ‘Gaan weg van My af, julle vervloektes! Gaan na die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is,

⁴²want Ek was honger, en julle het My niks gegee om te eet nie; Ek was dors, en julle het My niks gegee om te drink nie;

⁴³Ek was 'n vreemdeling, en julle het My nie gehuisves nie; sonder klere, en julle het My nie klere gegee nie; siek en in die tronk, en julle het My nie versorg nie.’

⁴⁴Dan sal hulle ook antwoord: ‘Here, wanneer het ons U honger of dors of 'n vreemdeling of sonder klere of siek of in die tronk gesien en U nie gehelp nie? ,

⁴⁵En Hy sal hulle antwoord: ‘Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van hierdie geringstes nie gedoen het nie, het julle dit aan My ook nie gedoen nie.’

⁴⁶En hierdie mense sal die ewige straf ontvang, maar dié wat die wil van God gedoen het, die ewige lewe.”

Matteüs 26

Jesus se dood word beplan

(Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

¹Nadat Jesus oor al hierdie dinge klaar gepraat het, het Hy vir sy dissipels gesê:

²“Julle weet dat dit oor twee dae paasfees is. Dan word die Seun van die mens oorgelewer om gekruisig te word.”

³In daardie tyd het die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk bymekaargekom in die woning van Kajafas, die hoëpriester.

⁴Hulle het daar saam planne gemaak om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.

⁵Hulle het egter gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie oproer onder die volk kom nie.”

Jesus word in Betanië gesalf

(Mark. 14:3-9; Joh. 12:1-8)

⁶⁻⁷Terwyl Jesus in Betanië in die huis van Simon die melaatse aan tafel was, het 'n vrou by Jesus gekom met 'n albaste fles baie kosbare reukolie en dit op sy kop uitgegiet.

⁸Toe die dissipels dit sien, was hulle verontwaardig. “Waarom so 'n verkwisting? ” vra hulle.

⁹“'n Mens kon die reukolie vir baie geld verkoop het en dit vir armes gegee het.”

¹⁰Jesus het dit gemerk en vir hulle gesê: “Waarom maak julle dit vir die vrou moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen.

¹¹Die armes het julle altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.

¹²Deur hierdie reukolie op my liggaam uit te giet, het sy My voorberei vir my begrafnis.

¹³Dit verseker Ek julle: Oral waar hierdie evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”

Judas onderneem om Jesus te verraa

(Mark. 14:10-11; Luk. 22:3-6)

¹⁴Toe het een van die twaalf dissipels, die een wat Judas Iskariot genoem is, na die priesterhoofde toe gegaan

¹⁵en gesê: “Wat sal julle my gee as ek sorg dat Jesus in julle hande kom? ” Hulle het hom toe dertig silwermuntstukke betaal.

¹⁶Van toe af was hy op die uitkyk na 'n geskikte geleentheid om Jesus te verrai.

Die paasmaaltyd word voorberei

(Mark. 14:12-21; Luk. 22:7-14)

¹⁷Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood kom die dissipels na Jesus toe en vra: “Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet? ”

¹⁸Jesus het geantwoord: “Gaan in die stad na so en so toe en sê vir hom: ‘Ons Leermeester sê: My tyd is naby. In jou huis wil Ek saam met my dissipels die paasmaaltyd hou.’ ”

¹⁹Die dissipels het gemaak soos Jesus aan hulle opgedra het, en die paasmaaltyd voorberei.

Jesus wys sy verrai aan

(Mark. 14:17-21; Luk. 22:21-23; Joh. 13:21-27)

²⁰Toe dit aand geword het, het Jesus sy plek aan die tafel ingeneem saam met die twaalf.

²¹Terwyl hulle eet, sê Hy: “Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verrai.”

²²Hulle was baie onthuts en een na die ander het Hom begin vra: “Dit is tog nie ek nie, Here? ”

²³Hy antwoord toe: “Die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek, dit is hy wat My sal verrai.

²⁴Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verrai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”

²⁵Toe sê Judas, sy verrai: “Is dit miskien ek, Rabbi? ” Jesus antwoord: “Dit is soos jy sê! ”

Die instelling van die nagmaal

(Mark. 14:22-26; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

²⁶En terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee met die woorde: “Neem, eet; dit is my liggaam.”

²⁷Toe neem Hy 'n beker, en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle en sê: “Drink almal daaruit,

²⁸want dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.

²⁹Ek sê vir julle: Van nou af sal Ek nie weer van hierdie wyn drink nie tot op die dag wanneer Ek saam met julle die nuwe wyn in die koninkryk van my Vader sal drink.”

³⁰Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.

Petrus sal Jesus verloën

(Mark. 14:27-31; Luk. 22:31-34; Joh. 13:36-38)

³¹Toe sê Jesus vir hulle: “Julle almal sal My vannag nog in die steek laat. Daar staan immers geskrywe: “ ‘Ek sal die herder doodmaak, en die skape van sy kudde sal uitmekaar gejaag word.’

³²“Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruitgaan na Galilea toe.”

³³Daarop het Petrus vir Hom gesê: “Al sal hulle U ook almal in die steek laat, ék sal U nooit in die steek laat nie.”

³⁴Toe sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek jou: Vannag nog, voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.”

³⁵Petrus sê vir Hom: “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie! ” Al die ander dissipels het ook so gesê.

Jesus in Getsemane

(Mark. 14:32-42; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

³⁶Daarna kom Jesus met sy dissipels by 'n plek met die naam Getsemane, en Hy sê vir hulle: “Sit hier terwyl Ek daar gaan bid.”

³⁷Hy het vir Petrus en die twee seuns van Sebedeus saamgeneem. Toe het Hy bedroef en beangs geword

³⁸en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenuid. Bly hier en waak saam met My.”

³⁹Hy het 'n entjie verder gegaan en daar gekniel met die gesig teen die grond en gebid: “My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie lydensbeker by My verbygaan. Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.”

⁴⁰Daarna kom Hy na die dissipels toe terug en kry hulle aan die slaap. Hy sê toe vir Petrus: “Kon julle nie eens een uur lank saam met My waak nie?”

⁴¹Waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is gewillig, maar die vlees is swak.”

⁴²'n Tweede keer het Hy gaan bid en gesê: “My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat u wil geskied.”

⁴³Toe Hy terugkom, kry Hy hulle weer aan die slaap, want van die vaak kon hulle nie hulle oë ophou nie.

⁴⁴Hy het hulle weer alleen laat bly en 'n derde keer gaan bid en dieselfde woorde gesê.

⁴⁵Toe kom Hy na die dissipels toe terug en sê vir hulle: “Slaap en rus julle nog? Die uur het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van sondaars oorgegee.

⁴⁶Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraaï, is hier naby.”

Jesus word gevange geneem

(Mark. 14:43-50; Luk. 22:47-53; Joh. 18:3-12)

⁴⁷Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat, kom Judas, een van die twaalf, daar aan, en saam met hom was 'n groot klomp mense met swaarde en stokke. Hulle is deur die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk gestuur.

⁴⁸Die verraaier het met die manne 'n teken afgespreek. Hy het gesê: “Die een wat ek soen, dit is hy. Gryp hom! ”

⁴⁹Hy het reguit na Jesus toe gegaan en gesê: “Goeiemôre, Rabbi,” en Hom gesoen.

⁵⁰Maar Jesus sê vir hom: “Vriend, doen wat jy gekom het om te doen! ” Toe kom hulle vorentoe, gryp vir Jesus en neem Hom gevange.

⁵¹Een van dié wat saam met Jesus was, gryp toe sy swaard en trek dit uit. Hy slaan na die slaaf van die hoëpriester en kap sy oor af.

⁵²Toe sê Jesus vir hom: “Sit jou swaard terug in sy plek, want almal wat na die swaard gryp, sal deur die swaard omkom.

⁵³Of dink jy Ek kan nie my Vader om hulp vra nie? Hy sal dadelik vir My meer as twaalf legioene engele beskikbaar stel.

⁵⁴Maar hoe sal die Skrif dan vervul word wat sê hoe die dinge moet gebeur? ”

⁵⁵Dit was toe dat Jesus vir die klomp mense gesê het: “Was dit vir julle nodig om met swaarde en stokke uit te gaan om My te vang asof Ek 'n rower is? Dag vir dag het Ek in die tempel gesit en die mense geleer, en julle het My nie gevange geneem nie.

⁵⁶Maar dit alles het gebeur sodat die geskrifte van die profete vervul kan word.” Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.

Jesus voor die Joodse Raad

(Mark. 14:53-65; Luk. 22:54-55,63-71; vgl. Joh. 18:13-14,19-24)

⁵⁷Die mense wat vir Jesus gevange geneem het, het Hom weggelei na Kajafas, die hoëpriester, waar die skrifgeleerdes en die familiehoofde bymekaargekom het.

⁵⁸Petrus het op 'n afstand agter Hom aan gegaan tot by die binnehof van die hoëpriester se woning. Hy het ingegaan en daar by die wagte gaan sit om te kyk hoe dit afloop.

⁵⁹Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het vals getuienis teen Jesus probeer kry sodat hulle Hom kon doodmaak.

⁶⁰Baie vals getuies het na vore gekom, en tog kon die Raad niks teen Hom vind nie. Eindelik het daar twee vorentoe gekom

⁶¹en gesê: “Hierdie man het gesê: Ek kan die tempel van God afbreek en in drie dae weer opbou.”

⁶²Toe staan die hoëpriester op en sê vir Hom: “Verweer jy jou glad nie? Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring? ”

⁶³Maar Jesus het niks gesê nie. Die hoëpriester sê toe vir Hom: “Ek stel jou onder 'n eed by die lewende God dat jy vir ons moet sê: Is jy die Christus, die Seun van God? ”

⁶⁴Jesus antwoord hom: “Dit is soos u sê. Daarby sê Ek vir julle: “Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van Hom wat magtig is, en julle sal Hom sien kom op die wolke van die hemel.”

⁶⁵Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: “Hy het God gelaster. Waarvoor het ons nog getuies nodig? Daar het julle nou net die godslasterlike woorde gehoor.

⁶⁶Wat dink julle? ” Hulle het geantwoord: “Hy verdien die dood! ”

⁶⁷Toe het hulle in sy gesig gespoeg en Hom met die vuus geslaan. Hulle het Hom geklap

⁶⁸en gesê: “Jy is mos 'n profeet, Christus! Sê vir ons, wie het jou geslaan? ”

Petrus verloën Jesus

(Mark. 14:66-72; Luk. 22:56-62; Joh. 18:15-18,25-27)

⁶⁹Petrus het buite in die binnehof gesit toe 'n diensmeisie na hom toe kom en sê: “Jy was ook saam met Jesus die Galileër.”

⁷⁰Maar hy het dit voor almal ontken: “Ek weet nie waarvan jy praat nie.”

⁷¹Hy gaan toe na die uitgang van die binnehof. Daar sien 'n ander diensmeisie hom en sê vir dié wat daar staan: “Hierdie man was saam met Jesus van Nasaret.”

⁷²Weer het Petrus dit ontken en met 'n eed gesê: “Ek ken die man nie! ”

⁷³'n Rukkie later kom die manne wat daar staan, na Petrus toe en sê: “Dit is waar, jy is ook een van hulle. 'n Mens kan dit aan jou spraak hoor.”

⁷⁴Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Ek ken die man nie! ”

⁷⁵En op daardie oomblik het daar 'n haan gekraai. Toe val dit Petrus by wat Jesus gesê het: “Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën.” En hy het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

Matteüs 27

Jesus word aan Pilatus uitgelewer

(Mark. 15:1; Luk. 23:1-2; Joh. 18:28-32)

- ¹Die môre vroeg het al die priesterhoofde en die familiehoofde van die volk die besluit geneem om Jesus dood te maak.
- ²Hulle het Hom geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus, die goewerneur, uitgelewer.

Die dood van Judas

(Hand. 1:18-19)

- ³Toe Judas, die verraaier, sien dat Jesus tot die dood veroordeel is, het hy spyt gekry. Hy het die dertig silwermuntstukke teruggebring na die priesterhoofde en die familiehoofde toe
- ⁴en vir hulle gesê: “Ek het gesondig. Ek het 'n onskuldige man verrai.” Maar hulle antwoord: “Wat het ons daarmee te doen? Dit is jou saak! ”
- ⁵Judas het toe die geld in die tempel in gegooi, weggeloop en homself gaan ophang.
- ⁶Die priesterhoofde het die geld opgetel en gesê: “Dit is nie geoorloof om dit in die tempelfonds te stort nie, want dit is bloedgeld.”
- ⁷Hulle besluit toe om daarmee die grond van die pottebakker te koop as 'n begraafplaas vir vreemdelinge.
- ⁸Daardie stuk grond word tot vandag toe nog Bloedgrond genoem.
- ⁹Toe is die woord vervul wat die Here deur die profeet Jeremia gesê het: “En hulle het die dertig silwermuntstukke geneem, dit is die prys wat die Israeliete ooreengekom het om vir hom te betaal,
- ¹⁰en hulle het dit uitbetaal vir die grond van die pottebakker. So het die Here dit aan my opgedra.”

Jesus voor Pilatus

(Mark. 15:2-5; Luk. 23:3-5; Joh. 18:33-38)

- ¹¹Jesus is voor die goewerneur gebring en dié vra Hom: “Is jy die koning van die Jode? ” Jesus antwoord: “Dit is soos u sê.”

¹²Op die beskuldigings van die priesterhoofde en die familiehoofde het Hy niks geantwoord nie.

¹³Toe sê Pilatus vir Hom: “Hoor jy nie waarvan hulle jou alles beskuldig nie?”

¹⁴Maar Jesus het hom op geen enkele woord 'n antwoord gegee nie, sodat die goewerneur baie verbaas was.

Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word

(Mark. 15:6-15; Luk. 23:13-25; Joh. 18:39 -- 19:16)

¹⁵Die goewerneur het die gewoonte gehad om elke paasfees vir die mense een gevangene van hulle eie keuse los te laat.

¹⁶In daardie tyd was daar 'n berugte gevangene met die naam Jesus Barabbas.

¹⁷Aangesien die mense tog bymekaar was, het Pilatus hulle gevra: “Wie wil julle hê moet ek vir julle loslaat: Jesus Barabbas of Jesus wat Christus genoem word?”

¹⁸Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het.

¹⁹Terwyl Pilatus op die regbank sit, het sy vrou vir hom 'n boodskap gestuur: “Moet tog niks met daardie onskuldige man te doen hê nie, want ek het vannag 'n vreeslike droom oor hom gehad.”

²⁰Intussen het die priesterhoofde en die familiehoofde die mense oorgehaal om vir Barabbas vrylating te vra en vir Jesus die dood.

²¹Die goewerneur vra hulle toe: “Watter een van die twee wil julle hê moet ek vir julle loslaat?” “Barabbas!” antwoord hulle.

²²Pilatus sê vir hulle: “Wat moet ek dan doen met Jesus wat Christus genoem word?” “Kruisig hom!” skreeu hulle almal.

²³Hy vra: “Watter kwaad het hy dan gedoen?” Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom!”

²⁴Toe Pilatus sien dit help niks nie en dat daar eerder 'n oproer kom, het hy water gevat en voor die skare sy hande gewas en gesê: “Ek is onskuldig aan die bloed van hierdie man. Dit is julle verantwoordelikheid.”

²⁵Toe antwoord die hele volk: “Laat die skuld vir sy bloed op ons en ons kinders rus! ”

²⁶Pilatus het Barabbas toe vir hulle losgelaat; maar Jesus het hy laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

Die soldate bespot Jesus

(Mark. 15:16-20; Joh. 19:2-3)

²⁷Daarna vat die soldate van die goewerneur vir Jesus in die ampswoning in en bring die hele leërafdeling rondom Hom bymekaar.

²⁸Hulle trek toe sy klere uit en gooi Hom 'n pers mantel om.

²⁹Hulle vleg 'n doringkroon en sit dit op sy kop en gee Hom 'n stok in sy regterhand. Toe bespot hulle Hom deur voor Hom te buig en te sê: “Ons groet u, Koning van die Jode! ”

³⁰Hulle het op Hom gespoeg en die stok gevat en Hom oor die kop geslaan.

³¹Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

Jesus word gekruisig

(Mark. 15:21-32; Luk. 23:26-43; Joh. 19:17-27)

³²Toe hulle uitgaan, kry hulle 'n man van Sirene met die naam Simon, en hulle het hom gekommandeer om Jesus se kruis te dra.

³³Hulle kom toe by 'n plek wat Golgota genoem word; dit beteken Kopbeenplek.

³⁴Daar het hulle Hom 'n mengsel van wyn en gal gegee om te drink, maar toe Hy dit proe, wou Hy dit nie drink nie.

³⁵Hulle het Hom gekruisig en sy klere verdeel deur te loot.

³⁶Daarna het hulle gaan sit en by Hom wag gehou.

³⁷Bokant sy kop het hulle die aanklag teen Hom in skrif aangegee: “Dit is Jesus, die koning van die Jode.”

³⁸Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en die ander een links van Hom.

³⁹Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud

⁴⁰en gesê: “Jy wat die tempel afbreek en in drie dae opbou! Red jouself as jy die Seun van God is, en kom van die kruis af! ”

⁴¹Net so het die priesterhoofde saam met die skrifgeleerdes en die familiehoofde ook gespot en gesê:

⁴²“Ander het hy gered, maar homself kan hy nie red nie. Hy is mos die koning van Israel! Laat hy nou van die kruis afkom en ons sal in hom glo.

⁴³Hy het op God vertrou; laat God hom nou red as Hy dan behae in hom het. Hy het immers gesê hy is die Seun van God! ”

⁴⁴Op dieselfde manier het die rowers wat saam met Hom gekruisig is, Hom ook beledig.

Jesus sterwe

(Mark. 15:33-41; Luk. 23:44-49; Joh. 19:28-30)

⁴⁵Van twaalfuur af het daar duisternis oor die hele land gekom, en dit het tot drie-uur geduur.

⁴⁶Teen drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eli, Eli, lemá sabagtani? ” Dit is: My God, my God, waarom het U My verlaat?

⁴⁷Party van dié wat daar gestaan het, het dit gehoor en gesê: “Hy roep vir Elia.”

⁴⁸Een van hulle hardloop toe gou, vat 'n spons en maak dit vol suur wyn en hou dit op 'n stok vir Hom om te drink.

⁴⁹Maar die ander sê: “Wag, laat ons kyk of Elia hom kom red.”

⁵⁰Jesus het weer hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

⁵¹Op daardie oomblik het die voorhangsel van die tempel van bo tot onder middeldeer geskeur. Die aarde het geskud, en die rotse het uitmekaar gebars.

⁵²Grafte het oopgegaan, en baie gelowiges wat dood was, is opgewek,

⁵³en hulle het uit hulle grafte uitgegaan. Na Jesus se opstanding het hulle in die heilige stad gekom, waar hulle aan baie mense verskyn het.

⁵⁴Toe die offisier en die soldate wat saam met hom vir Jesus bewaak het, die aardbewing sien en die dinge wat gebeur, het hulle baie bang geword en gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”

⁵⁵Daar was ook baie vroue wat op 'n afstand gestaan en kyk het. Dit is hulle wat vir Jesus van Galilea af gevolg en vir Hom gesorg het.

⁵⁶Onder hulle was Maria Magdalena, Maria die moeder van Jakobus en Josef, en die moeder van die seuns van Sebedeus.

Jesus word begrawe

(Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)

⁵⁷Laat die middag het daar 'n ryk man aangekom. Dit was Josef van Arimatea, wat self ook 'n volgeling van Jesus was.

⁵⁸Hy het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra, en Pilatus het beveel dat dit vir hom gegee moet word.

⁵⁹Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai

⁶⁰en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het. Hy het 'n groot klip voor die ingang van die graf gerol en weggegaan.

⁶¹Maria Magdalena en die ander Maria was ook daar en het reg voor die graf gesit.

Die graf word bewaak

⁶²Die volgende dag, die dag na die Vrydag, het die priesterhoofde en die Fariseërs by Pilatus gekom

⁶³en vir hom gesê: “Meneer, ons onthou dat toe daardie bedrieër nog geleef het, hy gesê het: ‘Na drie dae sal ek uit die dood opgewek word.’

⁶⁴Gee dan bevel dat die graf drie dae veilig bewaak word, sodat sy dissipels hom nie dalk kom steel en vir die mense vertel: ‘Hy is uit die dood opgewek’ nie. Dan sal die tweede bedrog erger wees as die eerste.”

⁶⁵Pilatus antwoord hulle: “Hier is vir julle 'n wag; gaan beveilig die graf so goed as julle kan.”

⁶⁶Hulle het toe gegaan en die graf beveilig deur die klip te verseël en die wag daar te laat bly.

Matteüs 28

Jesus het opgestaan

(Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12; Joh. 20:1-8)

¹Na die sabbatdag, toe dit die Sondagmôre begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf gaan kyk.

²Skielik was daar 'n geweldige aardbewing. 'n Engel van die Here het van die hemel af gekom, na die graf toe gegaan, die klip weggerol en daarop gaan sit.

³Sy voorkoms was so blink soos weerlig en sy klere so wit soos sneeu.

⁴Van skrik vir hom het die wagte gebewe en soos dooies geword.

⁵Toe sê die engel vir die vroue: “Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.

⁶Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het.

⁷Gaan gou en sê vir sy dissipels: ‘Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.’ Dit is wat ek vir julle moes sê.”

⁸Hulle het toe haastig van die graf af weggegaan, bang maar baie bly, en hulle het gehardloop om dit aan die dissipels te vertel.

⁹Skielik het Jesus daar voor die vroue gestaan en hulle gegroet. Hulle het nader gekom, sy voete gegryp en Hom aanbid.

¹⁰Toe sê Jesus vir hulle: “Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea toe gaan, en daar sal hulle My sien.”

Die berig van die wagte

¹¹Terwyl die vroue op pad was, kom party van die wagte in die stad aan en vertel vir die priesterhoofde alles wat gebeur het.

¹²Die priesterhoofde het saam met die familiehoofde vergader en die volgende plan gemaak. Hulle het vir die soldate 'n groot som geld gegee

¹³en gesê: “Julle moet sê: ‘Sy dissipels het in die nag gekom en sy liggaam gesteel terwyl ons geslaap het.’

¹⁴En as die goewerneur daarvan hoor, sal ons hom tevrede stel en sorg dat julle nie bekommerd hoef te wees nie.”

¹⁵Die wagte het toe die geld gevat en gemaak soos hulle voorgesê is. Hierdie storie word tot vandag toe onder die Jode vertel.

Jesus se opdrag aan die dissipels

(Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49; Joh. 20:19-23; vgl. Hand. 1:6-8)

¹⁶Die elf dissipels het na Galilea toe gegaan na die berg waarheen Jesus hulle beveel het om te gaan.

¹⁷Toe hulle Hom sien, het hulle Hom aanbid, hoewel party getwyfel het.

¹⁸Jesus kom toe nader en sê vir hulle: “Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde.

¹⁹Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en

²⁰leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld.”

Markus

Markus 1

¹Die evangelie van Jesus Christus, die Seun van God, begin só:

Die optrede van Johannes die Doper

(Matt. 3:1-12; Luk. 3:1-18; Joh. 1:19-28)

²In die boek van die profeet Jesaja staan daar geskrywe: “Ky, Ek stuur my boodskapper voor jou uit. Hy sal die pad vir jou regmaak.

³Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.”

⁴Só het Johannes die Doper in die woestyn opgetree. Hy het verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.

⁵Die hele landstreek van Judea en al die inwoners van Jerusalem het na hom toe gestroom. Hulle het hulle sondes bely en is deur hom in die Jordaanrivier gedoop.

⁶Johannes het klere van kameelhaar gedra met 'n leerband om sy heupe, en hy het van sprinkane en veldheuning gelewe.

⁷Hy het gepreek en gesê: “Die Een wat ná my kom, is my meerdere. Ek is nie eers werd om te buk en sy skoene los te maak nie.

⁸Ek het julle wel met water gedoop, maar Hy sal julle met die Heilige Gees doop.”

Jesus word gedoop

(Matt. 3:13-17; Luk. 3:21-22; Joh. 1:29-34)

⁹Jesus het in daardie selfde tyd van Nasaret in Galilea af gekom, en Hy is deur Johannes in die Jordaan gedoop.

¹⁰Net toe Hy uit die water kom, het Hy die hemel sien oopskeur en die Gees soos 'n duif na Hom toe sien neerdaal.

¹¹Daar was ook 'n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.”

Jesus word versoek

(Matt. 4:1-11; Luk. 4:1-13)

¹²Net daarna het die Gees Hom weggevat die woestyn in,

¹³waar Hy veertig dae lank gebly het en deur die Satan versoek is. Jesus was daar saam met die wilde diere, en die engele het Hom versorg.

Jesus begin preek

(Matt. 4:12-17; Luk. 4:14-15)

¹⁴Nadat Johannes in die tronk opgesluit is, het Jesus na Galilea toe gegaan en die evangelie van God verkondig.

¹⁵Hy het gesê: “Die tyd het aangebreek, en die koninkryk van God het naby gekom. Bekeer julle en glo die evangelie.”

Jesus roep sy eerste dissipels

(Matt. 4:18-22; Luk. 5:1-11)

¹⁶Eendag toe Jesus langs die See van Galilea loop, het Hy vir Simon en Simon se broer Andreas gesien waar hulle besig was om werpnette in die see uit te gooi. Hulle was vissers van beroep.

¹⁷Hy het toe vir hulle gesê: “Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak.”

¹⁸Onmiddellik het hulle die nette gelos en Hom gevolg.

¹⁹Toe Hy 'n entjie verder gaan, het Hy vir Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes gesien waar hulle in die skuit besig was om hulle nette reg te maak,

²⁰en dadelik het Hy hulle geroep. Hulle het hulle pa, Sebedeus, net so saam met die loonarbeiders in die skuit gelaat en saam met Jesus gegaan.

Die besetene in Kapernaum

(Luk. 4:31-37)

²¹Hulle het in Kapernaum gekom. Toe die sabbatdag aanbreek, het Jesus reguit na die sinagoge toe gegaan en die mense daar begin leer.

²²Hulle was verstom oor sy leer, want Hy het hulle geleer soos een wat gesag het, en nie soos die skrifgeleerdes nie.

²³Op daardie oomblik was daar in hulle sinagoge 'n man wat van 'n onrein gees besete was. Hy het uitgeskreeu:

²⁴“Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet goed wie U is; U is die Heilige van God! ”

²⁵Maar Jesus het hom skerp aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit.”

²⁶Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, hard geskreeu en toe uit hom uitgegaan.

²⁷Almal was so verbaas dat hulle onder mekaar geredeneer en gesê het: “Wat gaan hier aan? Dit is 'n nuwe leer, en dit kom met gesag! Hy gebied selfs die onrein geeste, en hulle gehoorsaam hom.”

²⁸En dit was nie lank nie of daar is in Galilea oral in die hele omgewing oor Hom gepraat.

Die genesing van Petrus se skoonmoeder

(Matt. 8:14-15; Luk. 4:38-39)

²⁹Toe die mense uit die sinagoge kom, het hulle saam met Jakobus en Johannes reguit na die huis van Simon en Andreas toe gegaan.

³⁰Die skoonmoeder van Simon het daar met 'n hoë koors siek gelê, en hulle het Hom dadelik van haar vertel.

³¹Hy het na haar toe gegaan, haar hand gevat en haar regop gehelp. Toe het die koors haar verlaat, en sy het hulle bedien.

Nog genesings en voortgaande prediking

(Matt. 8:16-17; 4:23; Luk. 4:40-44)

³²Toe dit aand geword het en die son al onder was, het die mense al die siekes en dié wat in die mag van bese geeste was, na Hom toe gebring.

³³Die hele dorp het by die deur van die huis saamgedrom.

³⁴Hy het baie siekes wat allerhande kwale gehad het, gesond gemaak en baie bese geeste uitgedrywe. Hy het die bese geeste nie toegelaat om te praat nie, omdat hulle geweet het wie Hy is.

³⁵Die môre vroeg, toe dit nog nag was, het Hy opgestaan en buitentoe gegaan na 'n eensame plek en daar gebid.

³⁶Simon en dié wat by hom was, het Hom egter gesoek,

³⁷en toe hulle Hom kry, sê hulle vir Hom: “Almal soek U.”

³⁸Maar Hy antwoord hulle: “Laat ons êrens anders heen gaan, na die nabygeleë dorpies toe, sodat Ek daar ook kan preek, want daarvoor het Ek gekom.”

³⁹Hy het toe gegaan en dwarsdeur Galilea in hulle sinagoges gepreek en bese geeste uitgedrywe.

Die genesing van 'n melaatse man

(Matt. 8:1-4; Luk. 5:12-16)

⁴⁰Daar kom toe 'n melaatse man na Hom toe wat smekend op sy knieë voor Hom neerval en vir Hom sê: “As U wil, kan U my gesond maak.”

⁴¹Jesus het hom jammer gekry, sy hand uitgesteek en hom aangeraak. Hy sê toe vir hom: “Ek wil. Word gesond! ”

⁴²Sy melaatsheid het onmiddellik verdwyn en hy het gesond geword.

⁴³Jesus het hom dadelik weggestuur, nadat Hy hom ernstig aangespreek

⁴⁴en vir hom gesê het: “Moet vir niemand iets hiervan vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring die offers vir jou reiniging wat Moses voorgeskrywe het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het.”

⁴⁵Hy het egter gegaan en dit wyd en syd begin verkondig en dit oral geloop en vertel. Daarom kon Jesus nie meer openlik in 'n dorp kom nie en het Hy gewoonlik buite in die oop veld gebly. Tog het die mense van alle kante af na Hom toe gekom.

Markus 2

Jesus genees 'n verlamde man

(Matt. 9:1-8; Luk. 5:17-26)

¹Toe Jesus ná 'n paar dae weer in Kapernaum kom, het dit bekend geword dat Hy by die huis is.

²Baie mense het daar saamgedrom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie. Hy was besig om met hulle oor sy boodskap te praat.

³Daar kom toe mense wat 'n verlamde man na Hom toe bring. Vier van hulle het hom gedra.

⁴Toe hulle hom weens die gedrang nie by Jesus kon kry nie, breek hulle die dak reg bokant Hom oop, en nadat hulle 'n opening in die dak gemaak het, laat hulle die draagbaar waarop die verlamde man gelê het, daardeur afsak.

⁵Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde: “Vriend, jou sondes word vergewe!”

⁶Maar sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en hulle afgevra:

⁷“Waarom sê hy so? Hy praat mos godslasterlik! Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?”

⁸Jesus het dadelik geweet dat hulle by hulleself so redeneer. Hy sê toe vir hulle: “Wat redeneer julle by julleself hieroor?”

⁹Wat is makliker? Om vir die verlamde man te sê: ‘Jou sondes word vergewe’, of om te sê: ‘Staan op, vat jou draagbaar en loop’?

¹⁰Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op die aarde sondes te vergewe.” Hy sê toe vir die verlamde man:

¹¹“Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.”

¹²Hy het opgestaan, dadelik sy draagbaar gevat en voor die oë van almal uitgestap. Hieroor was hulle almal verbaas en het hulle God geprys en gesê: “So iets het ons nog nooit gesien nie!”

Jesus roep vir Levi, die tollenaar

(Matt. 9:9-13; Luk. 5:27-32)

¹³Jesus het weer na die see toe gegaan. 'n Hele menigte mense het na Hom toe gekom, en Hy het hulle geleer.

¹⁴Toe Hy by die tolhuis verbygaan, sien Hy vir Levi seun van Alfeus daar sit, en Hy sê vir hom: “Volg My!” Levi het opgestaan en Hom gevolg.

¹⁵Daarna het Jesus in Levi se huis gaan eet. Baie tollenaars en sondaars was saam met Hom en sy dissipels aan tafel, want daar was baie van hulle wat Hom gereeld gevolg het.

¹⁶Toe die skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: “Waarom eet hy saam met tollenaars en sondaars? ”

¹⁷Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars.”

Die vastyd

(Matt. 9:14-17; Luk. 5:33-39)

¹⁸Johannes se volgeling en die Fariseërs was besig om te vas, en die mense kom toe en vra vir Jesus: “Waarom vas die volgeling van Johannes en die volgeling van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie? ”

¹⁹Jesus antwoord hulle: “Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie.

²⁰Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem sal word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas.

²¹“Niemand lap tog ou klere met ongekrumpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter.

²²“Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi.”

Jesus is Here oor die sabbat

(Matt. 12:1-8; Luk. 6:1-5)

²³Eenkeer toe Jesus op 'n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so in die loop are begin afpluk.

²⁴Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Kyk daar! Waarom doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie? ”

²⁵Hy sê vir hulle: “Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie kos gehad het nie en honger gekry het?

²⁶Hy het in die tyd van die hoëpriester Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee.”

²⁷Jesus het verder vir hulle gesê: “Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie.

²⁸Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat.”

Markus 3

Die man met die gebreklige hand

(Matt. 12:9-14; Luk. 6:6-11)

¹Jesus het weer na die sinagoge toe gegaan. Daar was 'n man met 'n gebreklige hand.

²Die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy hom op die sabbatdag sou gesond maak, sodat hulle vir Jesus daarvoor kon aankla.

³Hy sê toe vir die man met die gebreklige hand: “Staan op hier tussen hulle! ”

⁴Daarna vra Hy vir hulle: “Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak? ” Hulle het egter niks gesê nie.

⁵Hy het hulle rondom Hom kwaad aangekyk en was diep bedroef oor hulle verhardheid. Hy sê toe vir die man: “Steek jou hand uit! ” Hy het sy hand uitgesteek en dit was gesond.

⁶Die Fariseërs het uitgegaan en dadelik met die Herodiane 'n komplot teen Jesus gesmee om Hom om die lewe te bring.

'n Groot toeloop van mense na Jesus toe

(Matt. 4:24-25; 12:15-17; Luk. 6:17-19; 4:41)

⁷Jesus het toe met sy dissipels teruggegaan na die see toe. 'n Menigte mense het van Galilea af agter Hom aan gegaan. Ook van Judea af,

⁸en uit Jerusalem en van Idumea en van oorkant die Jordaan en van rondom Tirus en Sidon af, het daar baie mense na Hom toe gekom toe hulle hoor wat Hy alles doen.

⁹Weens die gedrang het Hy vir sy dissipels gesê om vir Hom 'n skuitjie reg te hou sodat die mense Hom nie vertrap nie.

¹⁰Hy het baie mense gesond gemaak, sodat almal wat die een of ander siekte gehad het, Hom oorval het om aan Hom te raak.

¹¹As mense wat van onrein geeste besete was, Hom sien, het hulle voor Hom neergeslaan en geskreeu: “U is die Seun van God! ”

¹²Maar Hy het hulle baie uitdruklik belet om bekend te maak wie Hy is.

Die aanstelling van die twaalf apostels

(Matt. 10:1-4; Luk. 6:12-16)

¹³Jesus het teen die berg opgegaan en dié wat Hy wou hê, nader geroep, en hulle het na Hom toe gekom.

¹⁴Hy het toe twaalf, wat Hy apostels genoem het, aangestel om by Hom te bly sodat Hy hulle kon uitstuur om te preek.

¹⁵Hulle het ook die mag ontvang om bose geeste uit te drywe.

¹⁶Hy het hierdie twaalf aangestel: Petrus, soos Hy Simon genoem het,

¹⁷Jakobus seun van Sebedeus, en Johannes die broer van Jakobus — vir hulle het Hy die bynaam Boanerges gegee, dit wil sê “manne van die donder” —

¹⁸Andreas, Filippus, Bartolomeus, Matteus, Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Taddeus, Simon die Kananeër,

¹⁹en Judas Iskariot wat vir Jesus verrai het.

Die lastering teen die Heilige Gees

(Matt. 12:22-32; Luk. 11:14-23; 12:10)

²⁰Daarna het Jesus huis toe gegaan. 'n Menigte mense het weer saamgedrom, sodat daar selfs nie geleentheid was om 'n stukkies te eet nie.

²¹Toe sy familie hiervan hoor, het hulle gegaan om Hom te gaan haal, want hulle het gesê: “Hy het van sy kop af geraak.”

²²Die skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, het gesê: “Hy is van Beëlsebul besete! ” en “Dit is met die hulp van die aanvoerder van die bose geeste dat hy bose geeste uitdrywe.”

²³Jesus het hulle nader geroep en hulle met voorbeelde geantwoord: “Hoe kan die Satan die Satan uitdrywe?”

²⁴As 'n koninkryk onderling verdeeld is, kan daardie koninkryk nie bly staan nie;

²⁵en as 'n huisgesin onderling verdeeld is, sal daardie huisgesin nie kan bly staan nie.

²⁶As die Satan teen homself in opstand kom en verdeeld is, kan hy nie bly staan nie, maar is dit sy einde.

²⁷“Bowendien kan niemand in 'n sterk man se huis ingaan en sy goed vat as hy nie vooraf die sterk man vasbind nie. Eers dan sal hy sy huis kan beroof.

²⁸“Dit verseker Ek julle: Alles sal die mense vergewe kan word, al die sondige lastertaal wat hulle praat.

²⁹Wie egter teen die Heilige Gees laster, word tot in ewigheid nie vergewe nie maar bly ewig skuldig aan die sonde.”

³⁰Dit het Hy gesê omdat hulle gesê het: “Hy is van 'n onrein gees besete.”

Die moeder en die broers van Jesus

(Matt. 12:46-50; Luk. 8:19-21)

³¹Sy moeder en sy broers het toe gekom. Hulle het buite bly staan en 'n boodskap na Hom toe gestuur om Hom te roep.

³²'n Menigte mense het rondom Hom gesit. Hulle sê toe vir Hom: “Kyk, u moeder en u broers en u susters daar buite soek U.”

³³Maar Hy sê vir hulle: “Wie is my moeder en my broers? ”

³⁴Hy het die mense aangekyk wat in 'n kring om Hom sit en gesê: “Hier is my moeder en my broers!

³⁵Elkeen wat die wil van God doen, is my broer en my suster en my moeder.”

Markus 4

Die gelykenis van die saaiër

(Matt. 13:1-9; Luk. 8:4-8)

¹Jesus het weer die mense langs die see begin leer. 'n Baie groot menigte het by Hom saamgedrom, sodat Hy op die see in 'n skuit gaan sit het. Die hele menigte was langs die see op die strand.

²Hy het hulle baie deur gelykenisse geleer. So het Hy onder andere gesê terwyl Hy hulle leer:

³“Luister hier! 'n Saaier het eendag gaan saai.

⁴Met die saai het 'n deel van die saad op die pad geval, en die voëls het gekom en dit opgepik.

⁵'n Ander deel daarvan het op 'n klipbank geval, waar daar nie baie grond was nie. Dit het gou opgekom, omdat die grond nie diep was nie.

⁶Maar toe die son warm word, is dit verskroei, en omdat dit nie wortel geskiet het nie, het dit verdroog.

⁷'n Ander deel het tussen die onkruid geval. Die onkruid het opgekom en dit laat verstik, en dit het nie saad geskiet nie.

⁸Die ander saad het in goeie grond geval, en dit het opgekom, gegroei en 'n oes gelewer. Party het dertigvoudig gedra, ander sestig- en nog ander honderdvoudig.”

⁹Verder het Hy gesê: “Wie ore het en kan hoor, moet luister! ”

Die doel met die gelykenisse

(Matt. 13:10-17; Luk. 8:9-10)

¹⁰Toe hulle alleen was, het die mense wat saam met die twaalf by Hom was, Hom oor die gelykenisse uitgevra,

¹¹en Hy het vir hulle gesê: “Aan julle is die insig in die geheim van die koninkryk van God gegee; maar vir dié wat daarbuite is, bly alles net by gelykenisse,

¹²sodat “hulle kyk en kyk en tog nie sien nie, en hoor en hoor en tog nie verstaan nie, dat hulle hulle nie miskien bekeer en vergewe word nie.”

Jesus verklaar die gelykenis van die saaier

(Matt. 13:18-23; Luk. 8:11-15)

¹³Hy sê toe vir hulle: “Julle begryp nie eens hierdie gelykenis nie. Hoe sal julle dan al die ander gelykenisse kan verstaan?

¹⁴“Die saaier saai die woord.

¹⁵Daar is mense by wie daar soos op 'n pad gesaai word: sodra hulle die woord hoor, kom die Satan en vat die woord weg wat in hulle gesaai is.

¹⁶Daar is mense by wie daar soos op klipbanke gesaai word: sodra hulle die woord hoor, neem hulle dit met blydschap aan.

¹⁷Hulle laat dit egter nie in hulle wortel skiet nie en hou nie lank uit nie. As hulle daarna ter wille van die woord verdruk of vervolg word, word hulle gou afvallig.

¹⁸Daar is mense by wie daar soos tussen die onkruid gesaai word. Dit is hulle wat die woord hoor,

¹⁹maar die sorge van die lewe en die verleiding van rykdom en die begeertes na allerhande ander dinge kom op en verstik die woord, en dit bly sonder vrug.

²⁰Dan is daar die mense by wie daar soos op goeie grond gesaai is, wat die woord hoor en aanvaar en vrug voortbring, party dertig-, party sestig- en party honderdvoudig.”

Julle moet luister

(Matt. 13:12; Luk. 8:16-18)

²¹Hy het vir hulle gesê: “'n Lamp kom mos nie onder 'n emmer of onder 'n bed nie? Is dit nie bedoel om op 'n staander gesit te word nie?

²²Daar is geen geheim nie, of dit moet openbaar gemaak word; en daar word niks geheim gehou nie, of dit moet aan die lig kom.

²³As iemand ore het en kan hoor, moet hy luister! ”

²⁴Hy het ook vir hulle gesê: “Gee aandag aan wat julle hoor! Want met die maat waarmee julle meet, sal vir julle gemeet word en daar sal vir julle nog toegevoeg word.

²⁵Wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word; en wie nie het nie, van hom sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.”

Die gelykenis van die saad wat vanself groei

²⁶Verder het Hy gesê: “Met die koninkryk van God gaan dit só: Iemand saai die saad op die land

²⁷en gaan slaap en staan op, dag na dag, en die saad ontkiem en groei — hóé weet hy self nie.

²⁸Vanself bring die aarde die graan voort, eers 'n halm, dan 'n aar, dan die vol koringaar.

²⁹En wanneer die graan ryp is, steek hy dadelik die sekel in, omdat die oestyd daar is.”

Die gelykenis van die mosterdsaadjie

(Matt. 13:31-32; Luk. 13:18-19)

³⁰Hy het ook gesê: “Hoe sal ons die koninkryk van God voorstel, of met watter gelykenis sal ons dit uitbeeld?

³¹Dit is soos 'n mosterdsaadjie. Wanneer dit in die land geplant word, is dit die kleinste van al die soorte saad daar in die land.

³²Maar as dit eenmaal geplant is, kom dit op en word dit groter as al die tuinplante. Dit kry sulke groot takke dat die voëls in sy skaduwee kom nes maak.”

Die gebruik van gelykenisse

(Matt. 13:34-35)

³³Deur baie sulke gelykenisse het Jesus met die mense oor sy boodskap gepraat, vir sover hulle dit kon verstaan.

³⁴Sonder 'n gelykenis het Hy nie met hulle gepraat nie, maar wanneer Hy met sy dissipels alleen was, het Hy vir hulle alles uitgelê.

Jesus maak die storm stil

(Matt. 8:23-27; Luk. 8:22-25)

³⁵Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: “Kom ons vaar oorkant toe.”

³⁶Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog ander skuite by.

³⁷Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol word het.

³⁸Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie om dat ons vergaan nie? ”

³⁹Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op! Bedaar! ” Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom.

⁴⁰Toe sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof nie? ”

⁴¹Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: “Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam? ”

Markus 5

Die besetene van Gerasa

(Matt. 8:28-34; Luk. 8:26-39)

¹Daarna het hulle oorkant die see in die land van die Geraseners aangekom.

²Net toe Jesus uit die skuit klim, het daar van die grafte af 'n man met 'n onrein gees Hom tegemoet gekom.

³Die man het tussen die grafte gebly. Niemand kon hom selfs met 'n ketting vasbind nie,

⁴want hulle het hom al dikwels met voet- en handboeie vasgemaak, maar dan ruk hy die handboeie uitmekaar en skop die voetboeie stukkend. Niemand kon hom baasraak nie.

⁵Hy was dag en nag aan die skreeu tussen die grafte en in die berge, en dan kap hy homself met klippe.

⁶Hy het Jesus al van ver af gesien en nader gehardloop. Hy het voor Hom neergeval

⁷en hard geskreeu: “Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U: In Gods Naam, moet my nie pynig nie! ”

⁸want Jesus het vir hom gesê: “Onrein gees, gaan uit die man uit! ”

⁹Hy het hom toe gevra: “Wat is jou naam?” “My naam is Legio,” antwoord hy Hom, “want ons is baie.”

¹⁰Die man het Hom toe ernstig gesoebat om hulle nie uit die landstreek uit weg te stuur nie.

¹¹Daar naby teen die berg het 'n groot trop varke geloop.

¹²Die onrein geeste het Hom toe gesmeek: “Stuur ons na die varke toe, sodat ons in hulle kan invaar!”

¹³Hy het hulle dit toegelaat, en hulle het uitgegaan en in die varke ingevaar. Die hele trop van omtrent twee duisend het op loop gesit teen die hang af, die see in, en hulle het versuip.

¹⁴Hulle wagters het weggehardloop en dit in die dorp en op die plase gaan vertel. Die mense het kom kyk wat daar gebeur het.

¹⁵Toe hulle by Jesus kom en die besetene in wie die baie bose geeste was, daar sien sit met sy klere aan en by sy volle verstand, het hulle groot geskrik.

¹⁶Dié wat alles gesien het, het vir hulle vertel wat met die besetene gebeur het, en ook van die varke.

¹⁷Hulle het toe by Jesus daarop aangedring om uit hulle gebied uit weg te gaan.

¹⁸Toe Jesus in die skuit klim, het die man wat van die duiwel besete was, by Hom daarop aangedring om saam met Hom te gaan.

¹⁹Jesus het hom dit egter nie toegelaat nie maar vir hom gesê: “Gaan na jou huis, na jou mense toe, en gaan vertel vir hulle wat die Here alles vir jou gedoen het en dat Hy jou jammer gekry het.”

²⁰Hy het toe gegaan en deur die hele Dekapolis begin bekend maak wat Jesus alles vir hom gedoen het. Almal was verbaas daaroor.

Die dogtertjie van Jairus. Die vrou met bloedvloeïing

(Matt. 9:18-26; Luk. 8:40-56)

²¹Jesus het daarna met die skuit teruggevaar oorkant toe en toe Hy nog daar by die see was, het 'n groot menigte om Hom saamgedrom.

²²Een van die raadslede van die sinagoge, 'n man met die naam Jaiirus, kom toe daar aan. Net toe hy vir Jesus sien, val hy op sy knieë voor Hom

²³en smee Hom dringend: “My dogtertjie lê op haar uiterste. Kom lê tog u hande op haar, sodat sy kan gesond word en lewe.”

²⁴Hy het saam met hom gegaan. 'n Groot menigte het agter Hom aan gegaan en hulle het van alle kante af teen Hom gedruk.

²⁵Daar was ook 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het.

²⁶Sy het baie gely onder die behandeling van talle dokters en het alles wat sy gehad het, daaraan bestee. Sy het egter geen baat daarby gevind nie; haar toestand het eerder vererger.

²⁷Sy het van Jesus gehoor en in die gedrang nader gekom en van agter af aan sy klere geraak,

²⁸want sy het gedink: as ek maar net aan sy klere kan raak, sal ek gesond word.

²⁹En dadelik het die bron van haar bloedvloeiing opgedroog, en sy kon aan haar liggaam agterkom dat sy van haar kwaal ontslae was.

³⁰Jesus het ook self onmiddellik geweet dat daar van Hom krag uitgegaan het. Hy het Hom in die gedrang omgedraai en gevra: “Wie het aan my klere geraak? ”

³¹Sy dissipels het Hom geantwoord: “U sien tog dat die mense van alle kante af teen U druk, en dan vra U nog: Wie het aan My geraak? ”

³²Hy het rondom Hom gekyk om te sien wie dit gedoen het.

³³Die vrou het geskrik en gestaan en bewe, want sy het besef wat met haar gebeur het. Sy het toe voor Hom op haar knieë kom val en vir Hom haar hele geskiedenis vertel.

³⁴Daarna sê Hy vir haar: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede. Wees vir goed van jou kwaal genees! ”

³⁵Terwyl Jesus nog met die vrou praat, kom daar mense van die raadslid van die sinagoge se huis af en sê vir hom: “U dogter het gesterwe. Waarom val u nog ons Leermeester lastig? ”

³⁶Jesus het egter met die een oor gehoor wat daar gesê word, en Hy sê toe vir die raadslid van die sinagoge: “Moet jou nie ontstel nie. Bly maar net glo! ”

³⁷Jesus het niemand behalwe Petrus, Jakobus en Johannes die broer van Jakobus toegelaat om verder saam met Hom te gaan nie.

³⁸Hy kom toe by die huis van die raadslid van die sinagoge aan en sien die hele gedoente van mense wat verskriklik huil en te kere gaan.

³⁹Hy het ingegaan en vir hulle gesê: “Wat raas en huil julle so? Die kindjie het nie gesterwe nie, sy slaap net.”

⁴⁰Hulle het Hom uitgelag. Hy het almal beveel om uit te gaan. Hy het net die pa en die ma van die kindjie en die drie dissipels wat by Hom was, saamgeneem en in die kamer ingegaan waar die kindjie was.

⁴¹Hy vat toe die kindjie se hand en sê vir haar: “Talita, koem! ” Dit beteken: Dogtertjie, Ek sê vir jou, staan op!

⁴²Dadelik het die dogtertjie opgestaan en begin loop; sy was al twaalf jaar oud. Die mense was stom van verbasing.

⁴³Hy het hulle toe streng opdrag gegee om niemand anders daarvan te laat hoor nie en gesê hulle moet vir haar iets te ete gee.

Markus 6

Jesus word in Nasaret verwerp

(Matt. 13:53-58; 9:35; Luk. 4:16-30)

¹Jesus het daarvandaan weggegaan. Hy het in die dorp gekom waar Hy grootgeword het, en sy dissipels was saam met Hom.

²En toe die sabbatdag aanbreek, het Hy die mense in die sinagoge begin leer. Baie het na Hom geluister en is deur sy woorde aangegryp. Hulle het vir mekaar gesê: “Waar kom hy aan al hierdie dinge, en watter besondere gawe van wysheid het hy dat daar sulke kragtige daade deur sy hande plaasvind?”

³Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie? ” Die mense wou niks van Hom weet nie.

⁴Jesus sê toe vir hulle: “'n Profeet word oral erken behalwe in die plek waar hy grootgeword het, en in sy familiekring en sy gesin.”

⁵Hy kon daar geen enkele wonderwerk doen nie, behalwe dat Hy sy hande op 'n paar siekes gelê en hulle gesond gemaak het.

⁶Hy was verbaas oor die ongeloof van die mense. Daarna het Hy by die dorpies in die omtrek rondgegaan en die mense daar geleer.

Jesus stuur die twaalf uit

(Matt. 10:1,5-15; Luk. 9:1-6)

⁷Jesus het die twaalf nader geroep en hulle twee-twee begin uitstuur. Hy het aan hulle mag oor onrein geeste gegee.

⁸Verder het Hy hulle bevel gegee om niks vir die pad saam te vat nie, net 'n kiere — geen kos, geen reissak, geen geld in die beursie nie.

⁹Hulle moes wel skoene aantrek maar nie nog 'n kledingstuk saamvat nie.

¹⁰Daarby het Hy vir hulle gesê: “Waar julle in 'n plek kom en in 'n huis ontvang word, bly daar totdat julle van die plek af weggaan.

¹¹En as 'n plek julle nie wil ontvang en die mense nie na julle luister nie, gaan dan daarvandaan weg en skud selfs die stof onderaan julle voete af as aanklag teen hulle.”

¹²Hulle het toe gaan verkondig dat die mense hulle moet bekeer.

¹³Daarby het hulle baie bese geeste uitgedrywe en baie siekes met olie gesalf en gesond gemaak.

Verskillende menings oor Jesus

(Matt. 14:1-2; Luk. 9:7-9)

¹⁴Koning Herodes het van Jesus gehoor, want sy Naam het bekend geraak. Party mense het gesê: “Johannes die Doper is uit die dood opgewek. Daarom werk die kragte in hom.”

¹⁵En party het gesê: “Dit is Elia.” Ander het gesê: “Hy is 'n profeet soos een van die ou profete.”

¹⁶Toe Herodes dit dan hoor, het hy gesê: “Die Johannes wat ek onthoof het, is uit die dood opgewek.”

Die dood van Johannes die Doper

(Matt. 14:3-12; Luk. 3:19-20)

¹⁷Vroeër het Herodes self gestuur en Johannes laat vang. Hy het hom in die tronk opgesluit op aandrang van Herodias die vrou van sy broer Filippus. Herodes het met haar getrou,

¹⁸en Johannes het vir hom gesê: “U mag nie u broer se vrou vat nie.”

¹⁹Herodias het daarna 'n wrok teen hom gekoester en wou hom laat doodmaak, maar sy kon nie,

²⁰want Herodes was bang vir Johannes omdat hy besef het dat hy 'n opregte en godvresende man is. Hy het vir Johannes onder sy beskerming geneem en elke keer wanneer hy hom aangehoor het, het hy in 'n ernstige tweestryd geraak. Tog het hy graag na hom geluister.

²¹Op 'n dag het Herodias 'n goeie kans gekry. Toe Herodes op sy verjaarsdag vir sy hoofamptenare en die opperbevelhebbers en die hoëlui van Galilea 'n feesmaal gegee het,

²²het die dogter van Herodias daar ingekom en vir hulle gedans. Dit het groot byval by Herodes en sy gaste gevind. Die koning het toe vir die meisie gesê: “Vra my net wat jy wil hê, en ek sal dit vir jou gee.”

²³Daarby het hy dit herhaaldelik met 'n eed vir haar bevestig: “Net wat jy my vra, sal ek vir jou gee, tot selfs die helfte van my koninkryk.”

²⁴Sy het toe uitgegaan en vir haar ma gesê: “Wat moet ek vra? ” Dié het gesê: “Die kop van Johannes die Doper.”

²⁵Sy het haastig reguit na die koning toe geloop en vir hom gevra: “Ek wil hê u moet vir my dadelik in 'n skottel die kop gee van Johannes die Doper.”

²⁶Die koning was baie verslae, maar omdat hy dit voor die gaste met 'n eed belowe het, wou hy haar dit nie weier nie.

²⁷Hy het dadelik iemand van sy lyfwag opdrag gegee en hom gestuur om Johannes se kop te gaan haal. Hy het hom in die tronk gaan onthoof,

²⁸sy kop in 'n skottel gebring en dit vir die meisie gegee, en die meisie het dit vir haar ma gegee.

²⁹Toe Johannes se volgelingen daarvan hoor, het hulle gekom en sy lyk weggeneem en begrawe.

Die twaalf apostels kom terug

(Matt. 14:13-14; Luk. 9:10-11; Joh. 6:1-4)

³⁰Die apostels het na Jesus toe teruggekom en vir Hom alles vertel wat hulle gedoen en wat hulle die mense geleer het.

³¹Daar was baie mense wat gedurig gekom en gegaan het, sodat Jesus en sy dissipels selfs nie kans gehad het om iets te eet nie. Hy sê toe vir hulle: “Kom julle alleen saam na 'n stil plek toe en rus 'n bietjie.”

³²Hulle het met 'n skuit na 'n stil plek toe vertrek waar hulle alleen kon wees.

³³Baie mense het hulle egter gesien en agtergekom waarheen hulle gaan. Hulle het vinnig van al die dorpe af te voet daarheen gegaan en nog voor Jesus en sy dissipels daar aangekom.

³⁴Toe Jesus uit die skuit klim, het Hy 'n groot menigte mense daar gesien en Hy het hulle innig jammer gekry, want hulle was soos skape wat nie 'n wagter het nie. Hy het hulle toe baie uitvoerig begin leer.

Die eerste vermeerdering van die brood

(Matt. 14:15-21; Luk. 9:12-17; Joh. 6:5-14)

³⁵Toe dit al baie laat was, het Jesus se dissipels vir Hom kom sê: “Dit is 'n afgeleë plek hierdie en dit is al baie laat.

³⁶Stuur die mense terug sodat hulle op die plase in die omtrek en in die dorpie vir hulle iets te ete kan koop.”

³⁷Maar Hy sê vir hulle: “Gee julle vir hulle iets om te eet.” Hulle antwoord Hom: “Moet ons met twee honderd mense se dagloon brood gaan koop om vir hulle iets te ete te gee? ”

³⁸Hy vra vir hulle: “Hoeveel brood het julle? Gaan kyk.” Nadat hulle gaan kyk het, sê hulle: “Vyf, en twee visse.”

³⁹Hy het hulle opdrag gegee om al die mense klompies-klompies op die groen gras te laat sit om te eet.

⁴⁰Die mense het in groepe van honderd en in groepe van vyftig gaan sit.

⁴¹Toe het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Daarna het Hy die brood gebreek en dit vir sy dissipels gegee om aan die mense voor te sit. Hy het ook die twee visse onder hulle almal verdeel.

⁴²Al die mense het geëet en genoeg gekry.

⁴³Hulle het nog twaalf mandjies vol bymekaargemaak van die stukke brood en die vis.

⁴⁴Van dié wat van die brood geëet het, was net die mans vyf duisend.

Jesus loop op die see

(Matt. 14:22-33; Joh. 6:15-21)

⁴⁵Net daarna het Jesus sy dissipels aangesê om in die skuit te klim en solank vooruit te gaan na die oorkant, na Betsaida toe, terwyl Hy nog eers die mense huis toe stuur.

⁴⁶Nadat Hy hulle laat gaan het, het Hy die berg op gegaan om te bid.

⁴⁷Toe dit aand word, was die skuit al ver weg die see in en Jesus alleen op die strand.

⁴⁸Hy het gesien hulle roei swaar, want die wind was teen hulle. Teen dagbreek die volgende môre het Hy op die see na hulle toe aangeloop gekom, en Hy wou langs hulle verbygaan.

⁴⁹Toe hulle Hom op die see sien loop, het hulle gedink dit is 'n spook. Hulle het hard geskreeu,

⁵⁰want hulle het Hom almal gesien en groot geskrik. Maar Hy het dadelik met hulle gepraat en vir hulle gesê: “Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie.”

⁵¹Hy het toe by hulle in die skuit geklim, en die wind het gaan lê. Hulle was heeltemal uit die veld geslaan,

⁵²want hulle het nie werklik verstaan wat die vermeerdering van die brood beteken nie; hulle kon dit nog nie begryp nie.

Jesus genees mense in die landstreek Gennesaret

(Matt. 14:34-36)

⁵³Hulle het toe land toe gevaar en by Gennesaret aan wal gegaan.

⁵⁴Toe hulle uit die skuit klim, het die mense Hom dadelik herken

⁵⁵en in daardie hele landstreek rondgegaan en dié wat ongesteld was, op draagbare begin aandra na waar hulle gehoor het dat Hy is.

⁵⁶Waar Hy ook al in dorpe of stede of op plase gekom het, het die mense die siekes op die bymekaarkomplekke neergesit en Hom gevra dat die siekes tog maar net aan die soom van sy klere mag raak; en almal wat aan Hom geraak het, het gesond geword.

Markus 7

Die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte

(Matt. 15:1-9)

¹Die Fariseërs en sommige skrifgeleerdes wat van Jerusalem af gekom het, kom toe by Jesus.

²Hulle het gesien party van sy dissipels eet hulle kos met onrein hande, dit is met hande wat nie gewas is nie.

³Die Fariseërs, en tewens die Jode oor die algemeen, eet immers nie as hulle nie eers hulle hande behoorlik gewas het nie. So hou hulle hulle aan die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte.

⁴En wanneer hulle van die dorp af kom, eet hulle nie as hulle nie eers gewas het nie. Daar is ook nog baie ander oorgelewerde gebruike waaraan hulle hulle hou soos hoe om koppies, bekere, bakke en stoele te was.

⁵Die Fariseërs en die skrifgeleerdes vra Hom toe: “Waarom handel u dissipels nie volgens die oorgelewerde gebruik van die voorgeslagte nie en eet hulle met onrein hande? ”

⁶Hy antwoord hulle: “Die profeet Jesaja het julle mooi opgesom. Julle is skynheiliges, soos daar geskrywe staan: “Hierdie volk eer My met hulle mond, maar hulle hart is ver van My af.

⁷Dit help niks dat hulle My probeer dien deur leerstellings van mense as gebooi van God voor te hou nie.

⁸“Julle laat die gebod van God los en hou aan die oorgelewerde gebruik van mense vas.”

⁹Hy het verder vir hulle gesê: “Julle verstaan die kuns goed om die gebod van God opsy te skuif en julle oorgelewerde gebruike in stand te hou.

¹⁰Moses het gesê: ‘Eer jou vader en jou moeder’ en: ‘Wie sy vader of sy moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.’

¹¹Maar julle sê: ‘Iemand kan vir sy pa of sy ma sê: Enige gawe wat u van my sou kon kry, is korban,’ dit wil sê: 'n offergawe vir God.

¹²En so laat julle hom toe om hoegenaamd niks vir sy pa of sy ma te doen nie.

¹³So ontnem julle die woord van God sy gesag deur julle oorgelewerde gebruike wat julle op julle beurt weer oorgelewer het. Daar is ook nog baie ander sulke dinge wat julle doen.”

Wat 'n mens onrein maak

(Matt. 15:10-20)

¹⁴Daarna het Jesus weer die menigte nader geroep en vir hulle gesê: “Luister julle almal hier na My en verstaan dit goed:

¹⁵Niks wat van buite af in 'n mens ingaan, kan hom onrein maak nie; maar die dinge wat uit 'n mens uitkom, dít maak hom onrein.”

¹⁷Toe Hy van die menigte af weer huis toe gegaan het, het sy dissipels Hom oor hierdie beeldspraak uitgevra.

¹⁸Hy sê toe vir hulle: “So, dan verstaan julle dit ook nie? Begryp julle nie dat niks wat van buite af in 'n mens ingaan, hom onrein kan maak nie,

¹⁹omdat dit nie in sy hart ingaan nie maar in sy maag, en daarna uit sy liggaam uitgaan?” Daarmee het Hy alle kos rein verklaar.

²⁰“Maar,” het Hy verder gesê, “wat van binne af uit 'n mens kom, dít maak 'n mens onrein.

²¹Van binne af, uit die hart van die mens, kom die slegte gedagtes: onkuisheid, diefstal, moord,

²²owerspel, hebsug, kwaadwilligheid, bedrog, losbandigheid, afguns, kwaadpraterij, hoogmoed, ligsinnigheid.

²³Al hierdie slegte dinge kom van binne af en dit maak 'n mens onrein.”

Die Siro-Fenisiëse vrou

(Matt. 15:21-28)

²⁴Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan weggegaan na die gebied van Tirus toe. Daar het Hy in 'n sekere huis tuis gegaan, en Hy wou nie hê dat iemand dit te wete moes kom nie. Tog kon Hy nie onopgemerk bly nie.

²⁵'n Vrou wie se dogtertjie van 'n onrein gees besete was, het gou van Hom te hore gekom. Sy het gekom en voor sy voete neergeval.

²⁶Hierdie vrou was 'n Griek wat in Siro-Fenisië gebore is. Sy het Hom gevra om die bose gees uit haar dogter uit te drywe.

²⁷Maar Hy het vir haar gesê: “Wag dat die kinders eers klaar eet, want dit is nie mooi om die kinders se kos te vat en vir die hondjies te gooi nie.”

²⁸Sy het Hom geantwoord: “Here, die hondjies eet darem onder die tafel die kindertjies se oorskiet.”

²⁹Toe sê Hy vir haar: “Op grond van wat jy gesê het, kan jy maar huis toe gaan; die bose gees het al klaar uit jou dogter uitgegaan.”

³⁰Toe sy by die huis kom, kry sy haar kindjie op die bed lê en die bose gees was al klaar uit haar uit.

Jesus genees 'n doofstom man

(Vgl. Matt. 15:29-31)

³¹Jesus is weer uit die gebied van Tirus weg en deur Sidon na die See van Galilea toe in die gebied van Dekapolis.

³²Die mense bring toe 'n dowe man wat ook 'n spraakgebrek het na Hom toe en vra Hom om tog sy hand op hom te lê.

³³Hy het hom eers eenkant toe gevat, weg van die mense af. Toe het Hy sy vingers in die man se ore gesteek en spoeg aan sy tong gesmeer.

³⁴Daarna het Hy na die hemel toe opgekyk, gesug en vir hom gesê: “Effata! ” Dit beteken: Gaan oop!

³⁵Sy ore het dadelik oopgegaan, die belemmering van sy spraak het verdwyn, en hy het reg gepraat.

³⁶Jesus het die mense belet om dit vir iemand anders te vertel, maar hoe meer Hy hulle belet het, hoe meer het hulle dit verkondig.

³⁷Hulle is geweldig aangegryp en het gesê: “Alles wat Hy doen, is goed: die dowe laat Hy hoor en die stommes laat Hy praat.”

Markus 8

Die tweede vermeerdering van die brood

(Matt. 15:32-39)

¹In daardie selfde tyd was daar weer 'n keer 'n groot menigte mense by Jesus, en hulle het niks gehad om te eet nie. Hy roep toe sy dissipels nader en sê vir hulle:

²“Ek kry hierdie mense innig jammer, want hulle is nou al drie dae lank hier by My en hulle het niks om te eet nie.

³As Ek hulle nou sonder kos huis toe stuur, sal hulle langs die pad beswyk. Party van hulle kom van ver af.”

⁴Maar die dissipels sê vir Hom: “Waar sal 'n mens in hierdie verlatenheid genoeg brood vir hulle kan kry? ”

⁵Hy vra hulle toe: “Hoeveel brood het julle? ” “Sewe,” antwoord hulle.

⁶Toe gee Hy die mense bevel om op die grond te gaan sit. Nadat Hy die sewe brode geneem en God gedank het, het Hy dit gebreek en vir sy dissipels gegee om uit te deel, en hulle het dit aan die mense voorgesit.

⁷Hulle het ook 'n paar vissies gehad; en nadat Hy die seën gevra het, het Hy gesê hulle moet dit ook uitdeel.

⁸Die mense het geëet en genoeg gekry. En hulle het nog sewe mandjies vol bymekaargemaak van die stukke wat oorgebly het.

⁹Daar was omtrent vier duisend mense. Daarna het Hy hulle huis toe gestuur.

¹⁰Hy het toe dadelik saam met sy dissipels in die skuit geklim en na die gebied Dalmanuta toe gegaan.

Die Fariseërs vra 'n wonderteken uit die hemel

(Matt. 16:1-4)

¹¹Daar kom toe Fariseërs wat met Jesus begin redeneer. Om Hom op die proef te stel, wou hulle van Hom 'n wonderteken uit die hemel hê.

¹²Hy het diep gesug en gesê: “Waarom wil hierdie geslag 'n teken hê? Dit verseker Ek julle: Aan hierdie geslag sal beslis nie 'n teken gegee word nie.”

¹³Hy het hulle daar laat staan, weer in die skuit geklim en na die oorkant van die see toe gegaan.

Die suurdeeg van die Fariseërs en van Herodes

(Matt. 16:5-12)

¹⁴Die dissipels het vergeet om brood saam te vat; hulle het net een by hulle in die skuit gehad.

¹⁵Jesus het hulle toe gewaarsku: “Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes.”

¹⁶Hulle het toe vir mekaar gesê dit is omdat hulle nie brood het nie.

¹⁷Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: “Waarom praat julle daaroor dat julle nie brood het nie? Begryp en verstaan julle nog nie? Is julle nog steeds so traag van begrip?”

¹⁸Julle wat oë het, sien julle dan nie? Julle wat ore het, hoor julle dan nie? Onthou julle nie,

¹⁹toe Ek die vyf brode vir die vyf duisend gebreek het, hoeveel mandjies vol stukke brood julle oorgehou het nie? ” “Twaalf,” sê hulle vir Hom.

²⁰“En sewe brode vir die vier duisend, hoeveel mandjies vol stukke het julle toe oorgehou? ” “Sewe,” sê hulle vir Hom.

²¹Toe sê Hy vir hulle: “Verstaan julle dan nog nie? ”

Jesus genees 'n blinde man in Betsaida

²²Hulle het in Betsaida aangekom, en toe bring die mense 'n blinde man na Jesus toe en vra Hom om hom aan te raak.

²³Hy het die blinde man aan die hand gevat en hom uit die dorp uit gelei. Toe het Hy op sy oë gespoeg, sy hande daarop gesit en vir hom gevra: “Sien jy al iets? ”

²⁴Hy het sy oë geknip en gesê: “Ek sien mense, iets soos bome. Ek sien hulle loop.”

²⁵Daarna het Jesus weer sy hande op sy oë gesit. Die man het sy oë oopgemaak, en hulle was reg. Hy het alles duidelik gesien.

²⁶Jesus het hom huis toe gestuur en gesê: “Moenie by die dorp aangaan nie.”

Die belydenis van Petrus

(Matt. 16:13-20; Luk. 9:18-21; Joh. 6:66-71)

²⁷Daarna het Jesus en sy dissipels na die dorpie naby Sesarea-Filippi gegaan. Langs die pad het Hy vir die dissipels gevra: “Wie, sê die mense, is Ek? ”

²⁸Hulle antwoord Hom: “Johannes die Doper, party sê weer Elia, en party een van die profete.”

²⁹“Maar julle,” vra Hy hulle, “wie, sê julle, is Ek? ” Petrus antwoord Hom: “U is die Christus! ”

³⁰Toe belet Hy hulle om dit vir iemand anders te vertel.

Jesus kondig die eerste keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 16:21-23; Luk. 9:22)

³¹Jesus het hulle toe begin leer dat die Seun van die mens baie moet ly, dat Hy deur die familiehoofde en die priesterhoofde en die skrifgeleerdes verwerp moet word en doodgemaak moet word, en drie dae later moet opstaan.

³²Hy het met hulle hieroor reguit gepraat. Toe het Petrus Hom opsy geneem en Hom begin berispe.

³³Hy het egter omgedraai, na sy dissipels gekyk en vir Petrus berispe. “Moenie in my pad staan nie, Satan,” het Hy gesê, “want jy dink nie aan wat God wil hê nie maar aan wat die mense wil hê.”

Om Jesus te volg

(Matt. 16:24-28; Luk. 9:23-27)

³⁴Jesus het toe die menigte mense saam met sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en My volg,

³⁵want wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor; maar wie sy lewe vir My en die evangelie verloor, sal dit behou.

³⁶Wat help dit 'n mens tog om die hele wêreld as wins te verkry en sy lewe te verloor?

³⁷Wat sal 'n mens kan gee in ruil vir sy lewe?

³⁸Wie hom dan vir My en my woorde skaam te midde van hierdie ontroue en sondige geslag, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook skaam wanneer Hy kom saam met die heilige engele, en bekleed is met dieselfde heerlijkheid as sy Vader.”

Markus 9

¹Verder het Hy vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Daar is party van dié wat hier staan, wat beslis nie sal sterwe voordat hulle gesien het dat die koninkryk van God met krag gekom het nie.”

Die verheerliking op die berg

(Matt. 17:1-8; Luk. 9:28-36)

²Ses dae later het Jesus vir Petrus en Jakobus en Johannes saamgeneem en hulle op 'n hoë berg gebring waar hulle heeltemal alleen was. Toe het sy voorkoms voor hulle oë verander,

³en sy klere het blink geword, spierwit soos niemand op aarde dit kan maak nie.

⁴Elia en Moses het toe aan hulle verskyn en met Jesus gestaan en praat.

⁵Toe sê Petrus vir Jesus: “Rabbi, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.”

⁶Hy het nie geweet wat hy sê nie, so verskrik was hy saam met die ander.

⁷Daar het toe 'n wolk gekom wat sy skaduwee oor hulle laat val het; en uit die wolk het daar 'n stem gekom: “Dit is my geliefde Seun. Luister na Hom.”

⁸En meteens, toe hulle weer kyk, sien hulle niemand meer nie, net Jesus alleen by hulle.

Jesus se dood is naby

(Matt. 17:9-13)

⁹Terwyl hulle van die berg afkom, het Jesus hulle opdrag gegee om wat hulle gesien het, vir niemand te vertel voordat die Seun van die mens uit die dood opgestaan het nie.

¹⁰Hulle het hulle toe aan hierdie opdrag gehou, maar onder mekaar geredeneer oor wat dit beteken as Hy sê dat die Seun van die mens uit die dood sal opstaan.

¹¹Hulle vra Hom toe: “Waarom sê die skrifgeleerdes dat Elia eers moet kom?”

¹²“Elia kom wel eers om alles weer reg te maak,” antwoord Hy hulle. “En hoe staan daar ook oor die Seun van die mens geskrywe? Hy moet baie ly en verag word.

¹³Maar Ek sê vir julle: Elia het reeds gekom, en die mense het met hom gemaak wat hulle wou, net soos daar oor hom geskrywe staan.”

Jesus maak 'n seun gesond

(Matt. 17:14-20; Luk. 9:37-43)

¹⁴Toe hulle weer by die ander dissipels kom, sien hulle 'n groot menigte mense daar rondom hulle en skrifgeleerdes wat met hulle redeneer.

¹⁵Die hele menigte was verras toe hulle Jesus skielik sien, en het nader gehardloop om Hom te verwelkom.

¹⁶Hy het vir die skrifgeleerdes gevra: “Waaroor redeneer julle met my dissipels?”

¹⁷Een van die mense het Hom geantwoord: “Meneer, ek het my seun na U toe gebring omdat hy van 'n gees besete is wat hom stom maak.

¹⁸En elke keer as die gees hom gryp, gooi hy hom op die grond neer. Dan kry hy skuim om die mond en hy kners op sy tande, en sy spiere trek saam. Ek het u dissipels gevra om die gees uit te drywe, en hulle kon nie.”

¹⁹Jesus sê toe vir hulle: “Ongelowige geslag, hoe lank moet Ek nog by julle wees? Hoe lank moet Ek julle nog verdra? Bring hom hier na My toe.”

²⁰Hulle het die seun na Hom toe gebring. Net toe die gees vir Jesus sien, het hy die seun geweldige stuiptrekkings laat kry. Hy het op die grond neergeslaan en rondgerol, met skuim om die mond.

²¹Jesus het vir die pa gevra: “Hoe lank is dit al dat dit hom oorkom?”

²²“Van kleins af,” antwoord hy, “en baiekeer het die gees hom al in vuur en in water gegooi om hom dood te maak. As U tog miskien iets daaraan kan doen, kry ons jammer en help ons.”

²³“ ‘As U iets kan doen,’ sê jy,” antwoord Jesus. “Vir die een wat glo, kan alles.”

²⁴“Ek glo,” roep die seun se pa dadelik uit. “Help my in my ongeloof.”

²⁵Toe Jesus sien dat 'n menigte mense aangestroom kom, het Hy die onrein gees skerp aangespreek: “Jou stom en dowe gees, Ek gebied jou: Gaan uit hom uit en moet nooit weer in hom invaar nie!”

²⁶Die gees het hom laat skreeu en hewige stuiptrekkings laat kry en toe uit hom uitgegaan. Dit het gelyk of die seun dood is, sodat baie mense gesê het: “Hy is dood.”

²⁷Jesus het hom egter aan die hand gevat en opgehelp, en hy het opgestaan.

²⁸Nadat Jesus huis toe gegaan het, toe hulle alleen was, het sy dissipels Hom gevra: “Waarom kon ons die gees nie uitdrywe nie? ”

²⁹Hy het vir hulle gesê: “Hierdie goed kan met niks anders as met gebed uitgedrywe word nie.”

Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 17:22-23; Luk. 9:43-45)

³⁰Toe het hulle daarvandaan weggegaan en deur Galilea gereis. Jesus wou nie hê dat iemand anders dit te wete moes kom nie.

³¹Hy het sy dissipels geleer en vir hulle gesê: “Die Seun van die mens word in die hande van mense oorgelewer, en hulle sal Hom doodmaak; en drie dae nadat Hy doodgemaak is, sal Hy opstaan.”

³²Hulle het dit nie verstaan nie, maar hulle was te bang om Hom daaroor uit te vra.

Wie is die belangrikste?

(Matt. 17:24; 18:1-5; Luk. 9:46-48)

³³Toe hulle daarna in Kapernaum by die huis kom, het Hy vir hulle gevra: “Waaroor het julle langs die pad geloop en praat? ”

³⁴Hulle het egter niks geantwoord nie, want hulle het langs die pad met mekaar gestry oor wie van hulle die belangrikste is.

³⁵Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.”

³⁶Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê:

³⁷“Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.”

“Wie nie téén ons is nie, is vir ons”

(Luk. 9:49-50; vgl. Matt. 12:30; Luk. 11:23)

³⁸Johannes het toe vir Hom gesê: “Here, ons het iemand gesien wat in u Naam bese geeste uitdrywe. Ons het hom probeer keer, omdat hy ons nie volg nie.”

³⁹“Moet hom nie keer nie,” sê Jesus, “want daar is niemand wat 'n kragtige daad in my Naam sal doen en net daarna minagtend van My sal kan praat nie.

⁴⁰Wie nie téén ons is nie, is vór ons.

⁴¹“Elkeen wat vir julle 'n beker water te drinke sal gee omdat julle aan Christus behoort, hy sal beslis die beloning daarvoor kry. Dit verseker Ek julle.”

Aanleiding tot afvalligheid

(Matt. 18:6-9; Luk. 17:1-2)

⁴²“Elkeen wat een van hierdie kleintjies wat in My glo, van My afvallig laat word, vir hom is dit baie beter as 'n groot meulsteen aan sy nek vasgemaak en hy in die see gegooi word.

⁴³“As jou hand jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy vermink in die lewe ingaan as dat jy altwee jou hande het en na die hel toe gaan, in die onblusbare vuur.

⁴⁵En as jou voet jou van My afvallig laat word, kap hom af! Dit is beter dat jy kreupel die lewe ingaan as dat jy altwee jou voete het en in die hel gegooi word.

⁴⁷En as jou oog jou van My afvallig laat word, pluk hom uit! Dit is beter dat jy met een oog die koninkryk van God ingaan as dat jy altwee oë het en in die hel gegooi word.

⁴⁸Daar gaan die wurm nie dood nie en word die vuur nie geblus nie.”

Sout en vrede

(Matt. 5:13; Luk. 14:34-35)

⁴⁹“Almal sal met die vuur van beproewing gelouter word.

⁵⁰“Sout is goed, maar as sout sy krag verloor het, waarmee sal 'n mens dit weer sout maak? “Julle moet werklik sout wees en in vrede met mekaar lewe.”

Markus 10

Gesprek oor egskeiding

(Matt. 5:31-32; 19:1-9; Luk. 16:18)

¹Jesus het Hom gereed gemaak en daarvandaan na die gebied Judea toe vertrek, oorkant die Jordaan langs. Baie mense het weer na Hom toe gekom en, soos Hy gewoon was, het Hy hulle geleer.

²Daar het ook Fariseërs gekom, en om Hom op die proef te stel, het hulle Hom gevra: “Mag 'n man van sy vrou skei? ”

³Hy het daarop vir hulle gevra: “Wat het Moses julle beveel? ”

⁴“Moses het toegelaat dat iemand 'n skeibrief opstel en skei,” het hulle geantwoord.

⁵Toe sê Jesus vir hulle: “Dit is oor die hardheid van julle harte dat hy hierdie bepaling vir julle gemaak het.

⁶Maar van die begin af, van die skepping af, ‘het God hulle man en vrou gemaak.’

⁷‘Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe,

⁸en hulle twee sal een wees,’ sodat hulle nie meer twee is nie, maar een.

⁹Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie.”

¹⁰In die huis het die dissipels Hom weer hieroor uitgevra.

¹¹Hy sê toe vir hulle: “Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk teen sy vrou.

¹²En as 'n vrou van haar man skei en met 'n ander een trou, pleeg sy egbreuk.”

Jesus seën die kindertjies

(Matt. 19:13-15; Luk. 18:15-17)

¹³Die mense het kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Sy dissipels het met die mense daaroor geraas.

¹⁴Maar toe Jesus dit sien, was Hy verontwaardig en het Hy vir hulle gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.

¹⁵Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.”

¹⁶Hy het sy arms om die kindertjies gesit, hulle die hande opgelê en hulle geseën.

Die ryk jongman

(Matt. 19:16-30; Luk. 18:18-30)

¹⁷Net toe Jesus uit die huis uitkom om verder te gaan, kom daar iemand aangehardloop. Hy val toe voor Hom op sy knieë en vra Hom: “Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry? ”

¹⁸Daarop sê Jesus vir hom: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen.

¹⁹Jy ken die gebooie: ‘Jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis aflê nie,’ jy mag nie iemand veronreg nie, eer jou vader en jou moeder.”

²⁰“Meneer,” sê hy vir Hom, “dit alles het ek van my kinderdae af nagekom.”

²¹Jesus het na hom gekyk en hom liefgekry en vir hom gesê: “Net een ding kom jy kort. Gaan verkoop alles wat jy het, en gee die geld vir armes, en jy sal 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My! ”

²²Hy het egter geskrik toe hy dit hoor en het bedruk weggegaan, want hy het baie besittings gehad.

²³Jesus kyk toe na sy dissipels rondom Hom en sê vir hulle: “Hoe moeilik sal mense wat ryk is, in die koninkryk van God kom.”

²⁴Die dissipels was verbaas oor hierdie woorde van Hom. Jesus sê toe verder vir hulle: “Kinders, hoe moeilik is dit om in die koninkryk van God te kom.

²⁵Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.”

²⁶Dit het hulle geweldig ontstel en hulle het vir mekaar gesê: “Wie kan dan gered word? ”

²⁷Jesus het reguit na hulle gekyk en gesê: “Vir mense is dit onmoontlik maar nie vir God nie, want vir God is alles moontlik.”

²⁸Petrus sê toe vir Hom: “Kyk, óns het alles verlaat en ons volg U.”

²⁹Jesus antwoord: “Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van My en ter wille van die evangelie afgesien het van sy huis of broers of susters of moeder of vader of kinders of eiendom nie,

³⁰of hy kry nou in hierdie tyd honderd keer soveel: huise en broers en susters en moeders en kinders en eiendom, saam met baie vervolging, en in die bedeling wat kom, die ewige lewe.

³¹Maar baie wat eerste is, sal laaste wees, en wat laaste is, eerste.”

Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 20:17-19; Luk. 18:31-34)

³²Op pad Jerusalem toe het Jesus voor hulle uit geloop. Dit het die dissipels verontrus en die mense wat agterna gekom het, laat bang word. Toe het Hy weer die twaalf opsy geneem en hulle begin vertel wat met Hom gaan gebeur:

³³“Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe. Daar sal die Seun van die mens aan die priesterhoofde en skrifgeleerdes oorgelewer word, en hulle sal Hom tot die dood veroordeel en Hom aan die heidene uitlewer.

³⁴Dié sal met Hom spot en op Hom spoeg en Hom slaan en Hom doodmaak. En drie dae later sal Hy uit die dood opstaan.”

Die versoek van Jakobus en Johannes

(Matt. 20:20-28)

³⁵Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus, kom toe na Jesus toe en sê vir Hom: “Here, ons wil graag hê U moet vir ons doen wat ons U gaan vra.”

³⁶“Wat wil julle hê moet Ek vir julle doen? ” het Hy hulle gevra.

³⁷Hulle het Hom geantwoord: “Wanneer U as koning heers, laat ons dan langs U sit, die een aan u regterhand en die ander een aan u linkerhand.”

³⁸“Julle weet nie wat julle vra nie,” sê Jesus vir hulle. “Kan julle die lydensbeker drink wat Ek drink, of met die doop gedoop word waarmee Ek gedoop word? ”

³⁹“Ons kan,” sê hulle vir Hom. Daarop sê Jesus vir hulle: “Die beker wat Ek drink, sal julle drink, ja, en met die doop waarmee Ek gedoop word, sal julle gedoop word.

⁴⁰Maar om aan my regter- of my linkerhand te sit, daaroor besluit Ek nie; dit is vir dié vir wie God dit gereed gemaak het.”

⁴¹Toe die tien ander dit hoor, was hulle verontwaardig oor Jakobus en Johannes.

⁴²Jesus roep hulle toe nader en sê vir hulle: “Julle weet dat dit by die nasies so is dat hulle sogenaamde regeerders oor hulle baasspeel en dat hulle groot manne die mag oor hulle misbruik.

⁴³Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees;

⁴⁴en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.

⁴⁵Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as losprys vir baie mense.”

Jesus genees die blinde Bartimeus

(Matt. 20:29-34; Luk. 18:35-43)

⁴⁶Daarna kom hulle in Jerigo aan. Toe Jesus en sy dissipels en 'n aansienlike menigte weer daarvandaan verder gaan, sit daar 'n blinde bedelaar, Bartimeus, seun van Timeus, langs die pad.

⁴⁷Toe hy hoor dat dit Jesus van Nasaret is, het hy begin uitroep: “Jesus, Seun van Dawid, ontferm U tog oor my! ”

⁴⁸Baie mense het met hom geraas en gesê hy moet stilbly. Maar hy het al hoe harder uitgeroep: “Seun van Dawid, ontferm U tog oor my! ”

⁴⁹Jesus het gaan staan en gesê: “Roep hom nader.” Hulle roep toe die blinde man en sê vir hom: “Hou moed! Staan op! Hy roep jou.”

⁵⁰Hy het sy bokleed net daar gelos en opgespring en na Jesus toe gegaan.

⁵¹Jesus vra vir hom: “Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? ” “Rabboeni,” sê die blinde man vir Hom, “dat ek kan sien.”

⁵²Jesus sê daarop vir hom: “Jy kan maar gaan. Jou geloof het jou gered.” Dadelik kon hy sien en het hy op die pad agter Jesus aan gegaan.

Markus 11

Die intog van Jesus in Jerusalem (Matt. 21:1-11; Luk. 19:28-40; Joh. 12:12-19)

- ¹Toe hulle naby Jerusalem kom, by Betfage en Betanië op die Olyfberg, stuur Jesus twee van sy dissipels
- ²en sê vir hulle: “Gaan na die dorpie daar reg voor julle, en net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie vasgemaak kry. Geen mens het nog op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier.
- ³En as iemand vir julle sê: ‘Wat maak julle daar?’ moet julle sê: Die Here het hom nodig, en Hy sal hom gou weer hierheen terugstuur.”
- ⁴Hulle het toe gegaan en 'n jong donkie by die ingang, buite langs die pad, vasgemaak gekry en hom losgemaak.
- ⁵Party van die mense wat daar gestaan het, het vir hulle gesê: “Waarom maak julle die donkie los?”
- ⁶Hulle het hulle geantwoord soos Jesus gesê het. Daarna het die mense hulle laat begaan.
- ⁷Hulle bring toe die donkie na Jesus toe en sit van hulle klere op hom, en Jesus het opgeklim.
- ⁸Baie mense het van hulle klere op die pad oopgegooi en party weer groen takkies wat hulle langs die pad afgebreek het.
- ⁹Dié wat voor geloop en dié wat agteraan gekom het, het uitgeroep: “Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!”
- ¹⁰Geseënd is ons voorvader Dawid se koninkryk wat aan die kom is! Prys Hom in die hoogste hemel!”
- ¹¹Jesus het in Jerusalem na die tempel toe gegaan en alles daar bekyk. Dit was al laat middag toe Hy en die twaalf weer na Betanië toe gegaan het.

Jesus vervloek die vyeboom (Matt. 21:18-19)

- ¹²Toe hulle die volgende dag van Betanië af terugkom, het Jesus honger gekry.

¹³Hy sien toe op 'n afstand 'n vyeboom met blare aan en gaan daarheen om te kyk of Hy nie miskien 'n vy daaraan kry nie. Toe Hy daar kom, kry Hy niks nie, net blare, want dit was nie vyetyd nie.

¹⁴Hy sê toe vir die boom: “Van jou sal niemand tot in der ewigheid ooit weer vye eet nie.” Sy dissipels het dit gehoor.

Die reiniging van die tempel

(Matt. 21:12-17; Luk. 19:45-48; Joh. 2:13-22)

¹⁵Hulle kom toe in Jerusalem aan. Jesus het na die tempel toe gegaan en die mense wat op die tempelplein besig was om te koop en te verkoop, daar begin uitjaag. Die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiweverkoopers het Hy omgegooi.

¹⁶En Hy het niemand toegelaat om goed oor die tempelplein te dra nie.

¹⁷Toe het Hy die mense geleer en vir hulle gesê: “Staan daar nie geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed vir al die nasies wees’ nie? Maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.’”

¹⁸Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes het dit gehoor en het na 'n plan gesoek om Hom om die lewe te bring, want hulle was bang vir Hom, omdat al die mense deur sy leer aangegryp is.

¹⁹Toe dit aand geword het, het Jesus en sy dissipels uit die stad uit weggegaan.

Die vyeboom het verdroog

(Matt. 21:20-22)

²⁰Toe hulle die volgende môre vroeg by die vyeboom verbygaan, sien hulle dat hy tot in sy wortels verdroog is.

²¹Gedagtig aan wat Jesus gesê het, sê Petrus vir Hom: “Rabbi, kyk, die vyeboom wat U vervloek het, is verdroog.”

²²Jesus sê toe vir hulle: “Julle moet geloof in God hê!

²³Dit verseker Ek julle: Elkeen wat vir hierdie berg sê: ‘Lig jou op en val in die see,’ en daarby nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê, gebeur, vir hom sal dit gebeur.

²⁴Daarom sê Ek vir julle: Alles wat julle in die gebed vra, glo dat julle dit al ontvang het, en dit sal vir julle so wees.

²⁵“En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe.”

Die vraag oor Jesus se gesag

(Matt. 21:23-27; Luk. 20:1-8)

²⁷Hulle kom toe weer in Jerusalem aan. Terwyl Jesus op die tempelplein loop, kom die priesterhoofde en die skrifgeleerdes en die familiehoofde na Hom toe

²⁸en vra vir Hom: “Met watter gesag doen u hierdie dinge? Wie het u hierdie gesag gegee om dit te doen? ”

²⁹Jesus sê toe vir hulle: “Ek gaan julle een ding vra, en as julle My daarop antwoord, sal Ek vir julle sê met watter gesag Ek hierdie dinge doen.

³⁰Die doop van Johannes, was dit van God of van mense afkomstig? Antwoord My.”

³¹Hulle redeneer toe onder mekaar: “As ons sê: ‘Van God af,’ sal hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie? ’

³²Maar moet ons sê: ‘Van mense af? ...’ Hulle was bang vir die mense, want almal was van mening dat Johannes werklik 'n profeet was.

³³Daarom sê hulle toe vir Jesus: “Ons weet nie.” Jesus sê toe vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Markus 12

Die gelykenis van die boere en die wingerd

(Matt. 21:33-46; Luk. 20:9-19)

¹Jesus het voortgegaan om in gelykenisse met hulle te praat en gesê: “'n Man het 'n wingerd aangeplant en 'n klipmuur daar rondom gebou. Hy het daarin ook 'n parskuip uitgekup en 'n wagtoring opgerig. Toe het hy dit aan boere verhuur en daarvandaan weggegaan.

²Op die vasgestelde tyd het hy 'n slaaf na die boere toe gestuur om by hulle sy deel van die wingerd se opbrengs te kry.

³Hulle het hom egter gegryp en geslaan en met leë hande weggejaag.

⁴Daarna het hy 'n ander slaaf na hulle toe gestuur. Hulle het hom oor die kop geslaan en hom uitgeskel.

⁵Hy het nog 'n ander een gestuur en vir hom het hulle doodgemaak. Later het hy nog baie ander gestuur; hulle het party geslaan en ander doodgemaak.

⁶Hy het nog net een oorgehad, sy geliefde seun. Heel laaste het hy hom na hulle toe gestuur met die gedagte: hulle sal tog my seun ontsien.

⁷Maar daardie boere het vir mekaar gesê: 'Dit is die erfgenaam dié. Kom ons maak hom dood; dan sal die erfenis ons s'n wees.'

⁸Hulle het hom toe gegryp en doodgemaak en hom uit die wingerd uitgegooi.

⁹"Wat dink julle sal die eienaar van die wingerd nou doen? Hy sal kom en die boere om die lewe bring en die wingerd vir ander mense gee.

¹⁰Julle het tog al in die Skrif gelees: "Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword.

¹¹Dit is deur die Here gedoen en is 'n wonder in ons oë."

¹²Hulle het toe na 'n plan gesoek om Hom te laat vang, want hulle het besef dat Hy met hierdie gelykenis op hulle gesinspeel het. Maar hulle was bang vir die mense en het Hom laat staan en weggegaan.

Die vraag oor die betaal van belasting

(Matt. 22:15-22; Luk. 20:20-26)

¹³Toe stuur hulle 'n paar van die Fariseërs en van die Herodiane na Jesus toe om Hom met 'n vraag in 'n strik te vang.

¹⁴Hulle kom sê toe vir Hom: "Meneer, ons weet dat u iemand is wat u mening eerlik uitspreek sonder om mense in aanmerking te neem, want u let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid en so maak u die wil van God bekend. Is dit reg om aan die keiser belasting te betaal, of is dit nie? Moet ons betaal, of moet ons nie betaal nie? "

¹⁵Jesus het egter geweet dat hulle huigel en Hy het vir hulle gesê: “Waarom stel julle vir My 'n strik? Bring vir My 'n muntstuk dat Ek sien.”

¹⁶Hulle bring toe vir Hom een en Hy vra vir hulle: “Wie se kop en naam is hierop? ” “Die keiser s'n,” antwoord hulle Hom.

¹⁷Jesus sê toe vir hulle: “Gee aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.” En hulle was stom van verbasing oor Hom.

Die vraag oor die opstanding uit die dood

(Matt. 22:23-33; Luk. 20:27-40)

¹⁸Toe kom daar Sadduseërs na Jesus toe. Dit is hulle wat beweer dat daar nie 'n opstanding is nie.

¹⁹Hulle vra Hom toe: “Meneer, Moses het vir ons voorgeskrywe: ‘As iemand se broer sterwe en 'n vrou agterlaat maar nie kinders het nie, moet hy met die weduwee van sy broer trou en 'n nageslag vir sy broer verwek.’

²⁰Nou was daar sewe broers. Die oudste het getrou en by sy sterwe geen kinders gehad nie.

²¹Die tweede het toe met die weduwee getrou, maar hy het ook gesterwe sonder om kinders agter te laat, en die derde net so.

²²Nie een van die sewe het kinders by haar gehad nie. Heel laaste het die vrou toe ook gesterwe.

²³Met die opstanding, wanneer hulle uit die dood opstaan, wie van hulle se vrou sal sy wees? Al sewe het haar mos as vrou gehad.”

²⁴Jesus sê vir hulle: “Is die rede waarom julle dwaal, nie juis dat julle nie die Skrif ken nie en ook nie die krag van God nie?

²⁵Ja, want wanneer die mense uit die dood opstaan, trou hulle nie meer nie, maar is hulle soos die engele in die hemel.

²⁶En dat die dooies opgewek word, het julle dan nie in die boek van Moses, in die gedeelte oor die doringbos, gelees hoe God vir hom gesê het: ‘Ek is die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob’ nie?

²⁷Hy is nie 'n God van dooies nie maar van lewendes. Julle is dus heeltemal aan die dwaal! ”

Die vraag oor die grootste gebod

(Matt. 22:34-40; Luk. 10:25-28)

²⁸Een van die skrifgeleerdes het hulle hoor redeneer en het nader gestaan. Toe hy sien dat Jesus hulle 'n goeie antwoord gegee het, vra hy vir Hom: “Wat is die heel grootste gebod? ”

²⁹Jesus antwoord hom: “Die eerste is: ‘Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here.

³⁰Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag.’

³¹Die tweede is: ‘Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.’ Geen ander gebod is groter as dié twee nie.”

³²“Pragtig, Meneer! ” sê die skrifgeleerde vir Hom. “Dit is waar wat u gesê het: ‘Die Here is die enigste God,’ en ‘daar is geen ander God as Hy nie.’

³³En ‘om Hom lief te hê met jou hele hart en met jou hele denke en met al jou krag’ en ‘om jou naaste lief te hê soos jouself’ is van meer belang as al die brandoffers en ander diereoffers.”

³⁴Toe Jesus hom so verstandig hoor praat, sê Hy vir hom: “Jy is nie ver van die koninkryk van God af nie.” Niemand het dit toe meer gewaag om Hom 'n vraag te stel nie.

Die vraag oor die seun van Dawid

(Matt. 22:41-46; Luk. 20:41-44)

³⁵Jesus het toe voortgegaan om die mense in die tempel te leer, en Hy het vir hulle gesê: “Hoe is dit dat die skrifgeleerdes sê dat die Christus die seun van Dawid is?

³⁶Dawid self het deur die ingewing van die Gees gesê: “ ‘Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.’

³⁷“Dawid self noem Hom ‘Here’; hoe kan Hy dan sy seun wees? ” Die groot menigte mense het graag na Hom geluister.

Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes

(Matt. 23:1-36; Luk. 20:45-47)

³⁸Terwyl Jesus die mense leer, het Hy gesê: “Pas op vir die skrifgeleerdes, wat daarvan hou om met swierige klere rond te stap en om op straat begroet te word,

³⁹wat die voorste sitplekke in die sinagoges en die ereplekke by die feesmaaltye wil hê.

⁴⁰Hulle palm die huise van die weduwees in en sê vir die skyn lang gebede op. Hulle sal baie swaar gestraf word.”

Die arm weduwee se gawe

(Luk. 21:1-4)

⁴¹Jesus het toe regoor die offergawekis gaan sit en kyk hoe die mense geld daar ingooi. Baie ryk mense het baie geld ingegooi.

⁴²Daar het toe 'n arm weduwee gekom en twee muntstukkies ingegooi. Dit was baie min werd.

⁴³Hy het sy dissipels nader geroep en vir hulle gesê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander mense wat iets in die offergawekis gegooi het.

⁴⁴Hulle het almal uit hulle oorfloed iets ingegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het, alles waarvan sy moes lewe.”

Markus 13

Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word

(Matt. 24:1-2; Luk. 21:5-6)

¹Toe Jesus van die tempel af weggaan, sê een van sy dissipels vir Hom: “Here, kyk watter geweldige klippe en watter geweldige geboue! ”

²Jesus sê vir hom: “Sien jy hierdie groot geboue? Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.”

Die profetiese rede: rampe en vervolging

(Matt. 24:3-14; Luk. 21:7-19)

³Jesus het op die Olyfberg gaan sit, regoor die tempel. Toe hulle alleen was, vra Petrus, Jakobus, Johannes en Andreas vir Hom:

⁴“Sê vir ons, wanneer sal dit gebeur en wat sal die teken wees van wanneer dit alles voleindig gaan word? ”

⁵Jesus sê toe vir hulle: “Pas op dat niemand julle mislei nie.

⁶Daar sal baie onder my Naam kom en sê: ‘Dit is ek! ’ en hulle sal baie mense mislei.

⁷“En wanneer julle die rumoer van oorloë en gerugte van oorloë hoor, moet julle nie verskrik wees nie. Dit moet kom, maar dit is nog nie die einde nie.

⁸Want die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander. Daar sal aardbewings op baie plekke voorkom. Daar sal hongersnode wees. Hierdie dinge is geboortepyne, die begin van die nuwe tyd.

⁹“En julle moet teen julleself op julle hoede wees. Mense sal julle aan die geregshowe oorlewer; in die sinagoges sal julle geslaan word, en voor goewerneurs en konings sal julle oor My teregstaan. Dit sal 'n getuienis voor hulle wees.

¹⁰En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word.

¹¹Wanneer hulle julle gryp om julle oor te lewer, moet julle julle nie vooruit bekommer oor wat julle sal sê nie, maar julle moet praat soos dit op daardie oomblik aan julle gegee sal word, want dit is nie julle wat praat nie, maar die Heilige Gees.

¹²Die een broer sal die ander oorlewer om doodgemaak te word, en selfs 'n pa sy kind. Kinders sal teen hulle ouers in opstand kom en hulle doodmaak.

¹³Ja, julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word. Maar wie tot die einde toe volhard, sal gered word.”

Die profetiese rede: die groot verdrukking

(Matt. 24:15-28; Luk. 21:20-24)

¹⁴“En wanneer julle die ding wat 'n gruwel is vir God en wat verwoesting aanrig, sien staan op die plek waar hy nie moet wees nie — wie dit lees, moet dit goed begryp — dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug.

¹⁵Die man wat op die dakstoep sit, moet nie ingaan om iets in sy huis te gryp nie;

¹⁶en die man wat op die land is, moet nie omdraai om sy klere te gaan haal nie.

¹⁷“Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het.

¹⁸Bid dat dit nie in die winter moet gebeur nie,

¹⁹want in daardie tyd sal daar so 'n verdrukking wees soos daar van die begin af, vandat God die wêreld geskep het tot nou toe, nog nie was nie en ook nie sal wees nie.

²⁰En as dit nie was dat die Here daardie tyd ingekort het nie, sou geen mens dit oorleef nie; maar ter wille van die uitverkorenes wat Hy uitverkies het, het Hy daardie tyd ingekort.

²¹“As iemand in daardie tyd vir julle sê: ‘Kyk, hier is die Christus!’ of: ‘Kyk, daar is Hy!’ moet julle dit nie glo nie.

²²Daar sal vals christusse en vals profete na vore kom, en hulle sal tekens en wonderwerke doen om, as dit moontlik was, die uitverkorenes te mislei.

²³Julle moet daarvoor op julle hoede wees. Ek het alles vir julle vooruit gesê.”

Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Matt. 24:29-31; Luk. 21:25-28)

²⁴“Maar in daardie tyd, ná daardie verdrukking, sal die son verduister word en die maan sal nie skyn nie;

²⁵die sterre sal uit die ruimte val en die kragte van die hemelruim sal ontwig word.

²⁶“Dan sal die mense die Seun van die mens in die wolke sien kom met groot krag en majesteit.

²⁷En dan sal Hy die engele uitstuur om sy uitverkorenes bymekaar te bring uit die vier windstreke, van die een kant van die aarde af tot by die ander kant.”

Die profetiese rede: die voorbeeld van die vyeboom

(Matt. 24:32-35; Luk. 21:29-33)

²⁸“Leer dit van die vyeboom as voorbeeld: wanneer sy takke al sag word en hy blare kry, weet julle die somer is naby.

²⁹So moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die tyd naby is, voor die deur.

³⁰Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal dit alles gebeur.

³¹Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit.”

Die profetiese rede: die dag en uur van die wederkoms

(Matt. 24:36-44; Luk. 21:34-36)

³²“Maar niemand weet wanneer daardie dag en uur kom nie, selfs nie die engele in die hemel nie en ook nie die Seun nie. Net die Vader weet dit.

³³Wees op julle hoede; wees waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die tyd daar is nie.

³⁴Dit is soos 'n man wat ver weggegaan en sy huis onder beheer van sy slawe gelaat het. Hy het vir elkeen sy werk gegee en die deurwagter beveel om waaksaam te bly.

³⁵Bly dus waaksaam, omdat julle nie weet wanneer die huiseienaar kom nie, in die aand of middernag of met hanekraai of die môre vroeg nie,

³⁶sodat wanneer hy onverwags kom, hy julle nie aan die slaap kry nie.

³⁷En wat Ek vir julle sê, sê Ek vir almal: Bly waaksaam! ”

Markus 14

Jesus se dood word beplan

(Matt. 26:1-5; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

¹Twêe dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees. Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na 'n plan om Jesus op 'n slinkse manier gevange te neem en dood te maak.

²Hulle het gesê: “Nie op die fees nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”

Jesus word in Betanië gesalf

(Matt. 26:6-13; Joh. 12:1-8)

³Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was, het daar 'n vrou gekom met 'n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet.

⁴Party van die mense het onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: “Waarvoor is hierdie vermorsing van reukolie?”

⁵Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar.

⁶“Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het 'n goeie daad aan My gedoen.

⁷Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie.

⁸Wat sy kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my begrafnis.

⁹Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot 'n herinnering aan haar.”

Judas onderneem om Jesus te verrai

(Matt. 26:14-16; Luk. 22:3-6)

¹⁰Judas Iskariot, wat een van die twaalf was, het sy hulp vir die priesterhoofde gaan aanbied om Jesus in die hande te kry.

¹¹Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het hulle belowe om hom daarvoor te betaal. Hy het toe na 'n plan gesoek om Hom by 'n geskikte geleentheid te verrai.

Die paasmaaltyd word voorberei

(Matt. 26:17-19; Luk. 22:7-13)

¹²Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood, die dag waarop die Jode altyd die paaslamms geslag het, vra Jesus se dissipels vir Hom: “Waar wil U hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?”

¹³Hy stuur toe twee van sy dissipels en sê vir hulle: “Gaan na die stad toe. Daar sal 'n man wat 'n kruik water dra, julle ontmoet. Gaan saam met hom

¹⁴en waar hy ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: ‘Ons Leermeester vra: Waar is my kamer waar Ek die paasmaaltyd saam met my dissipels kan eet? ’

¹⁵Hy sal julle dan 'n groot bovertrek wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar moet julle vir ons die paasmaaltyd voorberei.”

¹⁶Die dissipels het toe gegaan en in die stad gekom en alles gekry soos Hy vir hulle gesê het; en hulle het die paasmaaltyd voorberei.

Een van Jesus se dissipels gaan Hom verrai

(Matt. 26:20-25; Luk. 22:14,21-23; Joh. 13:18-30)

¹⁷Die aand kom Jesus toe met die twaalf daar aan.

¹⁸Terwyl hulle sit en eet, sê Hy: “Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verrai, een wat saam met My eet.”

¹⁹Hulle was onthuts, en een na die ander het Hom gevra: “Dis tog nie ek nie?”

²⁰Hy sê toe vir hulle: “Dit is een van julle twaalf, die een wat saam met My sy brood in die skottel insteek.

²¹Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verrai word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie.”

Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:26-29; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

²²Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit gebreek en vir hulle gegee met die woorde: “Neem dit, dit is my liggaam.”

²³Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir hulle, en hulle het almal daaruit gedrink.

²⁴Hy sê vir hulle: “Dit is my bloed, die bloed waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word.

²⁵Dit verseker Ek julle: Ek sal nie weer wyn drink nie tot op daardie dag wanneer Ek die nuwe wyn in die koninkryk van God sal drink.”

Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:30-35; Luk. 22:31-34; Joh. 13:36-38)

²⁶Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.

²⁷Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal almal van My afvallig word. Daar staan immers geskrywe: “Ek sal die herder doodmaak, en die skape sal uitmekaar gejaag word.

²⁸“Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe.”

²⁹Petrus het vir Hom gesê: “Al sal hulle ook almal van U afvallig word, ek sal nie.”

³⁰Jesus sê toe vir hom: “Dit verseker Ek jou: Jy sal vandag nog, in hierdie nag, voordat die haan 'n tweede keer kraai, My drie keer verloën.”

³¹Maar Petrus het nadruklik gesê: “Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis nie verloën nie! ” En al die ander het dieselfde gesê.

Jesus in Getsemane

(Matt. 26:36-46; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

³²Toe kom hulle by 'n plek met die naam Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels: “Sit hier terwyl Ek gaan bid.”

³³Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld en beangs geword

³⁴en vir hulle gesê: “Ek voel doodsbenuid. Bly hier en waak! ”

³⁵Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond gaan kniel en gebed dat, as dit moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie.

³⁶Hy het gesê: “Abba, Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.”

³⁷Hy kom toe terug en kry die drie aan die slaap en vra vir Petrus: “Simon, slaap jy? Kon jy nie eens een uur lank wakker bly nie?

³⁸Julle moet waak en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.”

³⁹Hy het weer gaan bid en dieselfde gebed as voorheen uitgespreek.

⁴⁰Hy kom toe terug en kry die drie weer aan die slaap, want hulle was baie vaak. Hulle het nie geweet wat om vir Hom te sê nie.

⁴¹Toe Hy die derde keer terugkom, sê Hy vir hulle: “Slaap en rus julle nou nog? Dit is genoeg. Die tyd het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van die sondaars oorgegee.

⁴²Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraaï, is hier naby.”

Jesus word gevange geneem
(Matt. 26:47-56; Luk. 22:47-53; Joh. 18:3-12)

⁴³Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat, kom Judas, wat een van die twaalf was, daar aan saam met 'n klomp mense met swaarde en stokke. Hulle is deur die priesterhoofde en die skrifgeleerdes en die familiehoofde gestuur.

⁴⁴Die verraaier het met die mense 'n teken afgespreek. Hy het gesê: “Die een wat ek sal soen, dit is hy. Gryp hom en vat hom weg. Moenie dat hy ontsnap nie.”

⁴⁵Toe hy dan daar kom, het hy reguit na Jesus toe gegaan en gesê: “Rabbi! ” en Hom met 'n soen gegroet.

⁴⁶Die ander het vir Jesus gegryp en Hom gevange geneem.

⁴⁷Een van dié wat daarby gestaan het, het 'n swaard uitgepluk, daarmee na die slaaf van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap.

⁴⁸Jesus sê toe vir die mense: “Het julle met swaarde en stokke gekom om My te vang asof Ek 'n rower is?

⁴⁹Dag vir dag was Ek by julle besig om die mense in die tempel te leer en julle het My nie gevange geneem nie. Maar die Skrif moet in vervulling gaan.”

⁵⁰Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.

⁵¹'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan, met net 'n doek om sy lyf. Die mense gryp hom toe,

⁵²maar hy het die doek gelos en kaal weggehardloop.

Jesus voor die Joodse Raad

(Matt. 26:57-68; Luk. 22:54-55,63-71; Joh. 18:15-16,24)

⁵³Hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester toe. Die priesterhoofde en die familiehoofde en die skrifgeleerdes het almal daar saamgekom.

⁵⁴Petrus het op 'n afstand agter Hom aan gegaan tot binne-in die binnehof van die hoëpriester se woning. Daar het hy hom saam met die wagte by die vuur gesit en warm maak.

⁵⁵Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het geprobeer om 'n aanklag teen Jesus te kry om Hom dood te maak, maar hulle het niks gekry nie.

⁵⁶Baie mense het vals getuienis teen Hom afgelê, maar die getuienis het nie ooreengestem nie.

⁵⁷Sommige van hulle het na vore gekom en vals getuienis teen Hom afgelê deur te sê:

⁵⁸“Ons het hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel, wat deur mense gemaak is, vernietig en binne drie dae 'n ander een bou wat nie deur mense gemaak is nie.”

⁵⁹Maar ook hieroor het hulle getuienis nie ooreengestem nie.

⁶⁰Toe het die hoëpriester in die Raad opgestaan en Jesus begin ondervra. “Verweer jy jou glad nie? ” het hy gesê. “Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring? ”

⁶¹Maar Jesus het niks gesê nie en Hom glad nie verweer nie. Die hoëpriester het Hom verder ondervra. “Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom? ” het hy Hom gevra.

⁶²“Ek is,” het Jesus geantwoord, “en julle sal die Seun van die mens sien waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is, en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.”

⁶³Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: “Waarvoor het ons nog getuies nodig?”

⁶⁴Julle het die godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle? ” Hulle het Hom eenparig veroordeel: “Hy verdien die dood! ”

⁶⁵Party van hulle het begin om op Hom te spoeg. Hulle het sy oë toegebind, Hom met die vuig geslaan en vir Hom gesê: “Profeteer 'n bietjie! ” Ook die wagte het Hom geklap toe hulle Hom wegvat.

Petrus verloën Jesus

(Matt. 26:69-75; Luk. 22:56-62; Joh. 18:17-18,25-27)

⁶⁶Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom een van die hoëpriester se diensmeisies daar.

⁶⁷Toe sy vir Petrus sien, besig om hom warm te maak, kyk sy na hom en sê: “Jy was ook saam met die man van Nasaret, die Jesus.”

⁶⁸Hy het dit egter ontken deur te sê: “Ek ken Hom nie en ek verstaan ook nie wat jy sê nie.” Toe het hy na die deur se kant toe gestaan. En daar het 'n haan gekraai.

⁶⁹Die diensmeisie het hom gesien en weer vir dié wat daar by gestaan het, gesê: “Hy is een van hulle.”

⁷⁰Maar hy het dit weer ontken. ‘n Rukkie later het dié wat daar by gestaan het, vir Petrus gesê: “Werklik, jy is een van hulle, want jy is mos ook 'n Galileër.”

⁷¹Toe begin hy vloek, en hy sweer: “Daardie man van wie julle praat, ken ek nie.”

⁷²En onmiddellik het die haan 'n tweede keer gekraai. Dit het Petrus toe bygeval wat Jesus vir hom gesê het: “Voordat die haan 'n tweede keer kraai, sal jy My drie keer verloën.” En hy het in trane uitgebars.

Markus 15

Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:1-2,11-14; Luk. 23:1-5; Joh. 18:28-38)

¹Die môre vroeg het die priesterhoofde saam met die familiehoofde en die skrifgeleerdes dadelik as volle Joodse Raad 'n vergadering gehou. Hulle het Jesus geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus uitgelewer.

²Pilatus het vir Hom gevra: “Is jy die koning van die Jode? ” Jesus antwoord hom: “Dit is soos u sê.”

³Die priesterhoofde het Hom van baie dinge beskuldig.

⁴Pilatus het Hom toe verder ondervra. “Verweer jy jou glad nie? ” het hy gevra. “Kyk waarvan beskuldig hulle jou alles.”

⁵Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat Pilatus verbaas was.

Pilatus lewer Jesus oor om gekruisig te word

(Matt. 27:15-26; Luk. 23:13-25; Joh. 18:38 -- 19:16)

⁶Elke paasfees het Pilatus vir die mense een gevangene, die een wat hulle gevra het, losgelaat.

⁷Daar was 'n man met die naam Barabbas in die tronk saam met ander opstandelinge. Hulle het tydens die opstand moord gepleeg.

⁸Daar het toe juis 'n klomp mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle te doen wat hulle van hom gewoond was.

⁹Pilatus vra hulle toe: “Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat? ”

¹⁰Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het.

¹¹Hulle het die mense egter opgesteek om te vra dat hy liever Barabbas vir hulle moet loslaat.

¹²Pilatus het weer vir hulle gevra: “Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat julle die koning van die Jode noem? ”

¹³“Kruisig hom! ” skreeu hulle.

¹⁴“Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen? ” vra Pilatus hulle. Maar hulle skreeu nog harder: “Kruisig hom! ”

¹⁵Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

Die soldate bespot Jesus

(Matt. 27:27-31; Joh. 19:2-3)

¹⁶Die soldate vat Jesus toe in die binnehof van hulle hoofkwartier in en roep die hele afdeling bymekaar.

¹⁷Toe trek hulle Hom 'n pers mantel aan en vleg 'n doringkroon en sit dit vir Hom op.

¹⁸Daarna het hulle Hom begin begroet en gesê: “Ons groet u, Koning van die Jode! ”

¹⁹Hulle het Hom herhaaldelik met 'n stok oor die kop geslaan en op Hom gespoeg en hulle knieë gebuig asof hulle aan Hom eer wou bewys.

²⁰Nadat hulle Hom klaar bespot het, het hulle die pers mantel uitgetrek en weer sy eie klere vir Hom aangetrek. Toe lei hulle Hom weg om Hom te kruisig.

Jesus word gekruisig

(Matt. 27:32-44; Luk. 23:26-43; Joh. 19:17-27)

²¹Die soldate het iemand wat daar verbygekom het, gekommandeer om Jesus se kruis te dra. Dit was Simon van Sirene, wat van buite die stad af gekom het, die pa van Aleksander en Rufus.

²²Hulle bring Jesus toe na 'n plek Golgota, wat Kopbeenplek beteken.

²³Hulle wou vir Hom wyn gee met mirre daarin, maar Hy wou dit nie hê nie.

²⁴Toe kruisig hulle Hom en verdeel sy klere onder mekaar deur te loot oor wat elkeen moet kry.

²⁵Dit was nege-uur die môre toe hulle Hom gekruisig het.

²⁶En die rede waarom Hy gekruisig is, was op 'n bordjie aan die kruis geskrywe: “Die koning van die Jode.”

²⁷Saam met Hom het hulle ook twee rowers gekruisig, een regs en een links van Hom.

²⁹Die mense wat daar verbygeloop het, het Jesus gelaster. Hulle het die kop geskud en gesê: “Toe, jy wat die tempel afbreek en in drie dae weer opbou!

³⁰Red jouself en kom van die kruis af.”

³¹Net so het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes ook spottend vir mekaar gesê: “Ander het hy gered; homself kan hy nie red nie!

³²Laat die Christus, die koning van Israel, nou van die kruis af kom, sodat ons dit kan sien en in hom glo! ” Die twee wat saam met Hom gekruisig is, het Hom ook beledig.

Jesus sterwe

(Matt. 27:45-56; Luk. 23:44-49; Joh. 19:28-30)

³³Teen twaalfuur die middag het daar duisternis oor die hele land gekom en dit het tot drie-uur geduur.

³⁴Om drie-uur het Jesus hard uitgeroep: “Eloï, Eloï, lemá sabagtani? ” Dit beteken: My God, my God, waarom het U My verlaat?

³⁵Toe party van die mense wat daar naby gestaan het, dit hoor, sê hulle: “Hoor daar, hy roep vir Elia.”

³⁶Een van hulle het toe gehardloop, 'n spons in suur wyn gestee en dit vir Hom op 'n stok gehou om te drink. Hy het gesê: “Wag, kom ons kyk of Elia hom van die kruis kom afhaal.”

³⁷Daarna het Jesus hard uitgeroep en die laaste asem uitgeblaas.

³⁸Die voorhangsel in die tempel het van bo tot onder middeldeur geskeur.

³⁹Toe die offisier, wat reg voor Jesus gestaan het, Hom die laaste asem só sien uitblaas het, het hy gesê: “Hierdie man was werklik die Seun van God.”

⁴⁰Daar het ook vroue op 'n afstand gestaan en kyk. Onder hulle was Maria Magdalena en Maria die moeder van Klein-Jakobus en Joses, en Salome.

⁴¹Toe Jesus nog in Galilea was, het hulle oral saam met Hom gegaan en Hom versorg. Baie ander vroue wat saam met Hom na Jerusalem toe gekom het, was ook daar.

Jesus word begrawe

(Matt. 27:57-61; Luk. 23:50-56; Joh. 19:38-42)

⁴²Dit was Vrydag, dit is die dag voor die sabbatdag, en dit was al die middag laat.

⁴³Josef van Arimatea, 'n vooraanstaande lid van die Joodse Raad en iemand wat self ook uitgesien het na die koms van die koninkryk van God, kom toe daar aan. Hy het dit gewaag om na Pilatus toe te gaan en die liggaam van Jesus te vra.

⁴⁴Pilatus was verbaas om te hoor dat Hy al dood is. Hy het die offisier laat roep en hom gevra of Jesus lankal gesterwe het.

⁴⁵Toe hy van die offisier verneem dat dit wel so is, het hy die lyk vir Josef gegee.

⁴⁶Josef het 'n stuk linne gekoop, Jesus van die kruis gaan afhaal, Hom in die linne toegedraai en neergelê in 'n graf wat in die rots uitgekap was. Hy het 'n klip voor die ingang van die graf gerol.

⁴⁷Maria Magdalena en Maria die moeder van Joses het gestaan en kyk waar Hy neergelê word.

Markus 16

Jesus het opgestaan

(Matt. 28:1-8; Luk. 24:1-12; Joh. 20:1-10)

¹Toe die sabbatdag verby was, het Maria Magdalena en Maria die ma van Jakobus, en Salome reukolie gekoop om die liggaam daarmee te gaan balsem.

²Die Sondagmôre baie vroeg kom hulle by die graf aan net toe die son opkom.

³Hulle vra toe vir mekaar: “Wie sal vir ons die klip voor die ingang van die graf wegrol? ”

⁴Die klip was baie groot, maar toe hulle opkyk, sien hulle dat dit klaar weggerol is.

⁵Toe hulle in die graf ingaan, sien hulle 'n jongman aan die regterkant sit met lang wit klere aan, en hulle het groot geskrik.

⁶“Moenie skrik nie! ” sê hy vir hulle. “Julle soek Jesus van Nasaret, wat gekruisig is. Hy is uit die dood opgewek. Hy is nie hier nie. Kyk, daar is die plek waar hulle Hom neergelê het.

⁷Maar gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus: Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien soos Hy vir julle gesê het.”

⁸Hulle het uit die graf uitgegaan en weggehardloop terwyl hulle gebewe het van die skrik. Hulle het vir niemand anders iets daarvan gesê nie, want hulle was bang.

Jesus verskyn na sy opstanding

(Matt. 28:9-10,16-20; Luk. 24:13-53; Joh. 20:11-29; Hand. 1:6-11)

⁹Ná Jesus se opstanding vroeg die Sondagmôre, het Hy heel eerste aan Maria Magdalena verskyn, uit wie Hy vantevore sewe bese geeste uitgedrywe het.

¹⁰Sy het dit vir sy dissipels gaan vertel wat oor Hom getreur en gehuil het.

¹¹Alhoewel hulle by haar gehoor het dat Hy lewe en dat sy Hom gesien het, het hulle haar tog nie geglo nie.

¹²Daarna het Jesus met 'n ander voorkoms aan twee van hulle verskyn terwyl hulle op pad was na die platteland toe.

¹³Hulle het dit vir die ander dissipels gaan vertel, maar dié het selfs vir hulle ook nie geglo nie.

¹⁴Later het Jesus aan die elftal self verskyn terwyl hulle aan tafel was. Hy het hulle verwyt oor hulle ongeloof en hardheid van hart omdat hulle dié wat Hom ná sy opstanding gesien het, nie geglo het nie.

¹⁵Hy het vir hulle gesê: “Gaan uit, die hele wêreld in, en verkondig die evangelie aan die hele mensdom.

¹⁶Wie tot geloof gekom het en gedoop is, sal gered word; wie nie glo nie, sal veroordeel word.

¹⁷Die volgende wondertekens sal voorkom by dié wat glo: in my Naam sal hulle bese geeste uitdrywe; in ander tale sal hulle praat;

¹⁸met hulle hande sal hulle slange optel, en as hulle iets drink wat dodelik giftig is, sal dit hulle geen kwaad doen nie; hulle sal siekes die hande oplê, en dié sal gesond word.”

¹⁹Nadat die Here Jesus dit vir hulle gesê het, is Hy in die hemel opgeneem en het Hy aan die regterhand van God gaan sit.

²⁰Hulle het toe die evangelie oral gaan verkondig, en die Here het met hulle saamgewerk en hulle prediking bekragtig deur die wondertekens wat daarop gevolg het.

Lukas

Lukas 1

'n Woord aan Teofilus

¹Hooggeagte Teofilus! Daar is baie wat onderneem het om 'n verhaal te skrywe van die dinge wat onder ons gebeur het.

²Hulle het dit opgeteken soos dit aan ons oorgelewer is deur die mense wat van die begin af ooggetuies en dienaars van die Woord was.

³Daarom het ek dit ook goedgevind om self alles stap vir stap van voor af te ondersoek en die verhaal noukeurig in die regte volgorde vir u neer te skryf.

⁴So kan u te wete kom dat die dinge waaroor u onderrig is, heeltemal betroubaar is.

Die geboorte van Johannes die Doper word aangekondig

⁵In die tyd van koning Herodes van Judea was daar 'n priester met die naam Sagaria, uit die diensgroep van Abia. Ook sy vrou het van Aäron afgestam, en haar naam was Elisabet.

⁶Hulle was albei getrou aan die wet van God en het onberispelik al die geboorte en voorskrifte van die Here onderhou.

⁷Hulle het geen kind gehad nie, omdat Elisabet onvrugbaar was. Buitendien was albei reeds op ver gevorderde leeftyd.

⁸Op 'n keer toe Sagaria in die beurt van sy diensgroep besig was om die priesterdiens voor God te verrig,

⁹is hy volgens die priesterlike gebruik deur die lot aangewys om in die tempel van die Here in te gaan en die wierook op die altaar te brand.

¹⁰Terwyl die wierookoffer gebring is, was die hele volksmenigte buite besig om te bid.

¹¹Toe verskyn daar aan die regterkant van die wierookaltaar 'n engel van die Here aan hom.

¹²Sagaria het geskrik toe hy hom daar sien staan en hy het baie bang geword,

¹³maar die engel sê vir hom: “Moenie bang wees nie, Sagaria, want jou gebed is verhoor. Jou vrou, Elisabet, sal aan jou 'n seun skenk, en jy moet hom Johannes noem.

¹⁴Hy sal 'n bron van blydschap en vreugde vir jou wees, en baie sal bly wees oor sy geboorte,

¹⁵want hy sal groot wees in die oë van die Here. Wyn en bier sal hy glad nie drink nie, en reeds van sy geboorte af sal hy met die Heilige Gees vervul wees.

¹⁶Hy sal baie uit die volk Israel laat terugkeer tot die Here hulle God.

¹⁷En hy sal voor die Here uit gaan in dieselfde gees en krag as Elia, om vaders en kinders met mekaar te versoen, om ongehoorsames op die regte pad terug te bring en om so vir die koms van die Here 'n volk voor te berei.”

¹⁸Toe sê Sagaria vir die engel: “Waaraan sal ek dit weet? Ek is 'n ou man, en my vrou is al op ver gevorderde leeftyd.”

¹⁹Die engel antwoord hom: “Ek is Gabriël, wat in diens van God staan. Ek is gestuur om met jou te praat en hierdie goeie tyding vir jou te bring.

²⁰Kyk, jy sal stom wees en nie kan praat nie tot op die dag dat hierdie dinge gebeur, omdat jy my woorde, wat op die bestemde tyd vervul sal word, nie geglo het nie.”

²¹Intussen het die volk vir Sagaria gestaan en wag en begin wonder waarom hy so lank in die tempel bly.

²²Toe hy uitkom, kon hy nie met hulle praat nie. Hulle kom toe agter dat hy in die tempel 'n gesig gesien het. Hy het net aanhoudend vir hulle beduie en stom gebly.

²³Toe die tyd van sy tempeldiens om was, het hy huis toe gegaan.

²⁴Na daardie tyd het sy vrou Elisabet swanger geword en haar vyf maande lank afgesonder. Sy het gesê:

²⁵“Die Here het dit vir my gedoen. Nou het Hy na my omgesien om my smaad onder die mense weg te neem.”

Die geboorte van Jesus word aangekondig

²⁶In die sesde maand van Elisabet se swangerskap het God die engel Gabriël gestuur na 'n maagd in Nasaret, 'n dorp in Galilea.

²⁷Sy was verloof aan Josef, 'n man uit die geslag van Dawid. Die naam van die maagd was Maria.

²⁸Toe die engel by haar kom, sê hy: “Ek groet jou, begenadigde! Die Here is by jou.”

²⁹Sy was verbysterd oor die woorde en het gewonder wat die begroeting tog kon beteken.

³⁰Die engel sê toe vir haar: “Moenie bang wees nie, Maria, want God bewys genade aan jou.

³¹Jy sal swanger word en 'n seun in die wêreld bring, en jy moet Hom die naam Jesus gee.

³²Hy sal groot wees en die Seun van die Allerhoogste genoem word. Die Here God sal Hom die troon van sy voorvader Dawid gee,

³³en Hy sal as koning oor die nageslag van Jakob heers tot in ewigheid. Aan sy koningskap sal daar geen einde wees nie.”

³⁴Maar Maria sê vir die engel: “Hoe is so iets moontlik, aangesien ek nog nooit omgang met 'n man gehad het nie? ”

³⁵Die engel antwoord haar: “Die Heilige Gees sal oor jou kom, en die krag van die Allerhoogste sal die lewe in jou wek. Daarom sal die een wat gebore word, heilig genoem word, die Seun van God.

³⁶Kyk, 'n bloedverwant van jou, Elisabet, het in haar ouderdom self ook 'n seun ontvang, en sy wat as onvrugbaar bekend was, is nou al in haar sesde maand.

³⁷Niks is vir God onmoontlik nie.”

³⁸Maria sê toe: “Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.” Toe het die engel van haar af weggegaan.

Maria besoek Elisabet

³⁹Maria het haar sonder versuim gereed gemaak en haastig na 'n dorp in die bergstreek van Judea gegaan.

⁴⁰Daar het sy in Sagaria se huis ingegaan en vir Elisabet gegroet.

⁴¹Net toe Elisabet die groet van Maria hoor, het die kindjie in Elisabet se moederskoot beweeg, en sy is met die Heilige Gees vervul

⁴²en het hard uitgeroep: “Geseënd is jy onder die vroue en geseënd is die vrug van jou moederskoot!

⁴³Waaraan het ek dit te danke dat die moeder van my Here na my toe kom?

⁴⁴Kyk, net toe die geluid van jou groet in my ore klink, het die kindjie in my van vreugde beweeg.

⁴⁵Gelukkig is sy wat glo dat in vervulling sal gaan wat die Here vir haar gesê het! ”

Die loflied van Maria

⁴⁶En Maria het gesê: “Ek besing die grootheid van die Here,

⁴⁷ek juig oor God, my Verlosser,

⁴⁸omdat Hy na my in my geringheid omgesien het. Kyk, van nou af sal elke nuwe geslag my gelukkig noem,

⁴⁹omdat Hy wat magtig is, groot dinge aan my gedoen het. Heilig is sy Naam!

⁵⁰Hy bewys ontferming van geslag tot geslag aan dié wat Hom eer.

⁵¹Kragtige daade het Hy met sy arm verrig: hoogmoediges in hulle eiwaan het Hy uitmekaargejaag;

⁵²maghebbers het Hy van trone afgeruk en geringes verhoog;

⁵³behoeftiges het Hy oorlaai met goeie gawes en rykes met leë hande weggestuur.

⁵⁴Sy dienaar Israel het Hy te hulp gekom deur te dink aan sy beloftes van ontferming

⁵⁵soos Hy dit toegesê het aan ons voorvaders, aan Abraham en sy nageslag tot in ewigheid.”

⁵⁶Maria het omtrent drie maande by Elisabet gebly en daarna teruggegaan huis toe.

Die geboorte van Johannes die Doper

⁵⁷Toe die tyd gekom het dat Elisabet se kind gebore moes word, het sy 'n seun in die wêreld gebring.

⁵⁸Haar bure en familie het gehoor dat die Here aan haar groot ontferming bewys het, en hulle was saam met haar bly.

⁵⁹Op die agste dag het hulle gekom om die kindjie te besny, en hulle wou hom Sagaria noem na sy pa.

⁶⁰Maar sy ma het gesê: “Nee! Hy moet Johannes genoem word.”

⁶¹Hulle sê vir haar: “Daar is niemand in jou familie wat die naam het nie! ”

⁶²Met gebare vra hulle toe sy pa hoe hy wil hê dat die kindjie genoem moet word.

⁶³Hy vra toe 'n skryfbordjie en skryf daarop: “Johannes is sy naam.” En almal was verbaas.

⁶⁴Onmiddellik het Sagaria sy spraak teruggekry en begin praat en God geprys.

⁶⁵Almal wat rondom hulle gewoon het, is met ontsag vervul, en in die hele bergstreek van Judea is daar baie gepraat oor al hierdie dinge.

⁶⁶Almal wat dit gehoor het, het daaroor nagedink en gevra: “Wat sal hierdie kindjie eendag word? ” Dit was duidelik dat die Here by hom was.

Die loflied van Sagaria

⁶⁷Sagaria, die kindjie se pa, is met die Heilige Gees vervul en het as profeet gesê:

⁶⁸“Lofwaardig is die Here, die God van Israel, want Hy het sy volk in genade opgesoek en vir hulle verlossing bewerk.

⁶⁹'n Sterk Verlosser het Hy vir ons laat opstaan uit die huis van sy dienaar Dawid.

⁷⁰So het die Here dit reeds van oudsher belowe deur die mond van sy heilige profete:

⁷¹om ons te verlos van ons vyande en uit die hand van al ons haters;

⁷²om Hom te ontferm oor ons voorvaders en sy heilige verbond te onthou.

⁷³Met 'n eed het Hy dit bevestig aan ons voorvader Abraham dat Hy sou gee dat ons,

⁷⁴gered uit die hand van vyande, Hom onbevrees kan dien

⁷⁵in vroomheid en opregtheid al die dae van ons lewe.

⁷⁶“En jy, kindjie, ‘n profeet van die Allerhoogste sal jy genoem word, want jy sal voor die Here uit gaan om sy pad gereed te maak,

⁷⁷om kennis van verlossing aan sy volk mee te deel: verlossing deur vergifnis van hulle sondes,

⁷⁸danksy die genadige ontferming van ons God. Soos die môreson sal Hy opgaan en uit die hoogte op ons afstraal,

⁷⁹om lig te bring aan dié wat in duisternis en in die skaduwee van die dood lewe, om ons voetstappe te rig op die pad van vrede.”

⁸⁰Die kindjie het opgegroeï en sterk geword deur die Gees en het in die woestyn gebly tot op die dag van sy openbare verskyning in Israel.

Lukas 2

Die geboorte van Jesus

(Matt. 1:18-25)

¹In daardie tyd het keiser Augustus 'n bevel uitgevaardig dat 'n volkstelling in die hele ryk gehou moet word.

²Hierdie eerste volkstelling het plaasgevind toe Sirenius goewerneur was in die provinsie Sirië.

³Almal het gegaan om hulle te laat inskryf, elkeen na sy eie stad toe.

⁴Ook Josef het gegaan. Hy het van die dorp Nasaret in Galilea na Judea toe gegaan, na Betlehem, die stad van Dawid, omdat hy tot die huis en geslag van Dawid behoort het.

⁵Maria, sy verloofde, wat swanger was, het saamgegaan om ingeskryf te word.

⁶Terwyl hulle daar was, het die tyd gekom dat haar kind gebore moes word.

⁷Sy het haar Eerstelingseun in die wêreld gebring en Hom in doeke toegedraai en in 'n krip neergelê, omdat daar vir hulle geen plek in die herberg was nie.

Die skaapwagters en die engele

⁸Daar was skaapwagters in daardie omgewing wat in die oop veld gebly en in die nag oor hulle skape wag gehou het.

⁹Meteens staan daar 'n engel van die Here by hulle, en die heerlikheid van die Here het rondom hulle geskyn. Hulle het baie groot geskrik.

¹⁰Toe sê die engel vir hulle: “Moenie bang wees nie, want kyk, ek bring vir julle 'n goeie tyding van groot blydschap wat vir die hele volk bestem is.

¹¹Vandag is daar vir julle in die stad van Dawid die Verlosser gebore, Christus die Here!

¹²En dit is vir julle die teken: julle sal 'n kindjie vind wat in doeke toegedraai is en in 'n krip lê.”

¹³Skielik was daar saam met die engel 'n menigte engele uit die hemel wat God prys en sê:

¹⁴“Eer aan God in die hoogste hemel, en vrede op aarde vir die mense in wie Hy 'n welbehae het! ”

¹⁵Nadat die engele van hulle af weggegaan het na die hemel toe, sê die skaapwagters vir mekaar: “Kom ons gaan reguit Betlehem toe om te sien wat gebeur het, soos die Here dit aan ons bekend gemaak het.”

¹⁶Hulle gaan toe haastig daarheen en kry vir Maria en Josef, en die Kindjie wat in die krip lê.

¹⁷Toe hulle Hom sien, het hulle vertel wat oor hierdie Kindjie aan hulle gesê is.

¹⁸Almal wat dit gehoor het, was verwonderd oor wat die skaapwagters hulle vertel het.

¹⁹Maria het alles wat gesê is, onthou en telkens weer by haarself daaroor nagedink.

²⁰Die skaapwagters het toe teruggegaan terwyl hulle God loof en prys oor alles wat hulle gehoor en gesien het. Dit was alles net soos dit vir hulle gesê is.

Besnydenis, afsondering, reiniging

²¹Ag dae later, toe dit tyd was om die Kindjie te besny, het Hy die naam Jesus gekry, die naam wat deur die engel genoem is nog voordat Hy in die moederskoot ontvang is.

²²Toe die reinigingstyd soos deur die wet van Moses bepaal, vir hulle verby was, het hulle Hom na Jerusalem toe gebring om Hom tot beskikking van die Here te stel.

²³In die wet van die Here staan immers geskrywe: “Elke eersteling van die manlike geslag moet vir die Here afgesonder word.”

²⁴Hulle het ook die reinigingsoffer gebring volgens die voorskrif in die wet van die Here, naamlik “'n paar tortelduiwe of twee jong duiwe.”

Simeon en Anna by die tempel

²⁵Daar het destyds 'n man met die naam Simeon in Jerusalem gewoon. Hy was getrou aan die wet en vroom, en het uitgesien na die koms van die Verlosser van Israel. Die Heilige Gees was op Simeon

²⁶en het aan hom bekend gemaak dat hy nie sou sterwe voordat hy die Gesalfde van die Here gesien het nie.

²⁷Deur die Gees gelei, het hy opgegaan na die tempel toe. Toe die ouers die Kindjie Jesus bring om vir Hom die gebruikelike bepaling van die wet na te kom,

- ²⁸het Simeon Hom in sy arms geneem en God geprys en gesê:
- ²⁹“Here, laat u dienaar nou in vrede gaan volgens u woord,
- ³⁰omdat my oë u verlossing gesien het
- ³¹wat U gereed gemaak het voor die oë van al die volke:
- ³²'n lig tot verligting van die nasies en tot eer van u volk Israel.”
- ³³Sy vader en moeder was verwonderd oor die dinge wat van Hom gesê is.
- ³⁴Simeon het hulle geseën en vir Maria, sy moeder, gesê: “Kyk, hierdie Kindjie is bestem tot 'n val en 'n opstanding van baie in Israel en tot 'n teken wat weerspreek sal word.
- ³⁵So sal die gesindheid van baie mense aan die lig kom. En wat jou betref, 'n swaard sal deur jou siel gaan.”
- ³⁶Daar was ook 'n profetes, Anna, 'n dogter van Fanuel uit die stam Aser. Sy was al baie oud. As jong vrou was sy sewe jaar getroud, en na haar man se dood
- ³⁷het sy weduwee gebly. Sy was nou al vier en tagtig jaar oud. Sy het nie van die tempel af weggebly nie en het God dag en nag gedien deur te vas en te bid.
- ³⁸Juis op daardie oomblik het sy nader gekom en God gedank en oor die Kindjie gepraat met almal wat na die verlossing van Jerusalem uitgesien het.
- ³⁹Toe Josef-hulle alles nagekom het wat die wet van die Here voorskryf, het hulle na Galilea toe teruggegaan, na hulle eie dorp, Nasaret.
- ⁴⁰Die Kindjie het gegroei en sterk geword, en Hy was vol wysheid, en die genade van God was op Hom.

Die Kind Jesus by die tempel

- ⁴¹Jesus se ouers het elke jaar vir die paasfees Jerusalem toe gegaan.
- ⁴²Toe Hy twaalf jaar oud was, het hulle weer soos gebruikelik daarheen gegaan vir die fees.

⁴³En toe die feesdae verby was, het sy ouers die terugreis begin, maar die Kind Jesus het in Jerusalem gebly sonder dat hulle dit geweet het.

⁴⁴Omdat hulle gedink het Hy is by die reisgeselskap, het hulle 'n dag lank gereis voordat hulle Hom onder die familie en bekendes begin soek het.

⁴⁵Toe hulle Hom nie kry nie, het hulle omgedraai na Jerusalem toe op soek na Hom.

⁴⁶Na drie dae het hulle Hom by die tempel gekry waar Hy tussen die geleerdes sit en na hulle luister en hulle uitvra.

⁴⁷Almal wat Hom gehoor het, was verbaas oor sy insig en sy antwoorde.

⁴⁸Toe sy ouers Hom sien, was hulle verslae, en sy moeder sê vir Hom: “Kind, waarom het jy so met ons gemaak? Kyk, jou vader en ek het met angs na jou gesoek.”

⁴⁹Maar Hy antwoord hulle: “Waarom het u na My gesoek? Het u nie geweet dat Ek in die huis van my Vader moet wees nie? ”

⁵⁰Hulle het nie begryp wat Hy daarmee bedoel het nie.

⁵¹Hy het toe saam met hulle na Nasaret toe teruggegaan, en Hy was aan hulle onderdanig. Sy moeder het al hierdie dinge in haar hart bewaar.

⁵²En Jesus het verstandelik en liggaamlik gegroei en in guns by God en die mense toegeneem.

Lukas 3

Die prediking van Johannes die Doper

(Matt. 3:1-12; Mark. 1:1-8; Joh. 1:19-28)

¹Dit was die vyftiende regeringsjaar van keiser Tiberius. Pontius Pilatus was goewerneur van Judea, en Herodes heerser van Galilea. Sy broer Filippus was heerser van Iturea en Tragonitis, en Lisanias heerser van Abilene. Annas en Kajafas was die hoëpriesters.

²In daardie tyd het die woord van God tot Johannes, die seun van Sagaria, in die woestyn gekom.

³Hy het deur die hele Jordaanstreek gegaan en verkondig: Bekeer julle en laat julle doop en God sal julle sondes vergewe.

⁴So staan dit geskrywe in die boek van die profeet Jesaja: “Iemand roep in die woestyn: Maak die pad vir die Here gereed, maak die paaie vir Hom reguit.

⁵Elke kloof moet opgevul en elke berg en bult platgemaak word; die krom paaie moet reguit en die ruwe paaie gelyk word.

⁶En al die mense sal die verlossing sien wat van God kom.”

⁷Die mense het in groot getalle uitgegaan om deur Johannes gedoop te word. Hy het vir hulle gesê: “Julle slange, wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug?

⁸Dra liever vrugte wat bewys dat julle bekeer is. En moenie by julleself sê: ‘Ons het Abraham as voorvader’ nie, want dit sê ek vir julle: God kan uit hierdie klippe kinders vir Abraham verwek.

⁹Die byl lê al klaar teen die wortel van die bome. Elke boom wat nie goeie vrugte dra nie, word uitgekap en in die vuur gegooi.”

¹⁰Die mense vra hom toe: “Wat moet ons dan doen? ”

¹¹Hy antwoord hulle: “Wie twee kledingstukke het, moet dit deel met iemand wat nie het nie, en wie kos het, moet dieselfde doen.”

¹²Daar kom toe ook tollenaars om gedoop te word en hulle sê vir hom: “Meneer, wat moet ons doen? ”

¹³En vir hulle sê hy: “Moenie meer invorder as wat vir julle vasgestel is nie.”

¹⁴Ook soldate het hom uitgevra: “En ons, wat moet ons doen? ” Hy antwoord hulle: “Moet van niemand deur geweld of vals aanklag geld afpers nie, maar wees tevrede met julle betaling.”

¹⁵Die volk was vol verwagting, en almal het hulle begin afvra of Johannes nie miskien die Christus is nie.

¹⁶Daarop gee Johannes aan hulle almal die antwoord: “Ek doop julle met water, maar my meerdere kom, en ek is nie eers werd om sy skoene los te maak nie. Hy sal julle met die Heilige Gees en met vuur doop.

¹⁷Hy het sy skop in sy hand, en Hy sal sy dorsvloer deur en deur skoonmaak. Die koring sal Hy in sy skuur bymekaarbring, maar die kaf sal Hy met onblusbare vuur verbrand.”

¹⁸Ook oor baie ander dinge het hy dikwels die volk vermaan en die goeie boodskap aan hulle verkondig.

¹⁹Hy het ook vir Herodes, die heerser, tereggewys oor Herodias, die vrou van sy broer, en oor al die ander slegte dinge wat Herodes gedoen het.

²⁰Maar Herodes het nog verder gegaan en Johannes in die tronk opgesluit.

Die doop van Jesus

(Matt. 3:13-17; Mark. 1:9-11)

²¹Toe al die mense hulle laat doop het, is Jesus ook gedoop, en terwyl Hy staan en bid, het die hemel oopgegaan

²²en het die Heilige Gees in sigbare gestalte soos 'n duif op Hom neergedaal. Daar was ook 'n stem uit die hemel: “Jy is my geliefde Seun. Oor Jou verheug Ek My.”

Die geslagsregister van Jesus

(Matt. 1:1-17)

²³Toe Jesus met sy werk begin het, was Hy omtrent dertig jaar oud. Hy was, soos hulle gemeen het, die seun van Josef. Josef was die seun van Eli,

²⁴seun van Mattat, seun van Levi, seun van Melgi, seun van Jannai, seun van Josef,

²⁵seun van Mattatias, seun van Amos, seun van Nahum, seun van Hesli, seun van Naggai,

²⁶seun van Mahat, seun van Mattatias, seun van Semein, seun van Josek, seun van Joda,

²⁷seun van Johanan, seun van Resa, seun van Serubbabel, seun van Sealtiel, seun van Neri,

²⁸seun van Melgi, seun van Addi, seun van Kosam, seun van Elmadam, seun van Er,

²⁹seun van Josua, seun van Eliëser, seun van Jorim, seun van Mattat, seun van Levi,

³⁰seun van Simeon, seun van Juda, seun van Josef, seun van Jonam, seun van Eljakim,

³¹seun van Melea, seun van Menna, seun van Mattata, seun van Natan, seun van Dawid,

³²seun van Isai, seun van Obed, seun van Boas, seun van Sala, seun van Nagson,

³³seun van Amminadab, seun van Admin, seun van Arni, seun van Gesron, seun van Peres, seun van Juda,

³⁴seun van Jakob, seun van Isak, seun van Abraham, seun van Tera, seun van Nahor,

³⁵seun van Serug, seun van Rehu, seun van Peleg, seun van Heber, seun van Sala,

³⁶seun van Kenan, seun van Arpagsad, seun van Sem, seun van Noag, seun van Lameg,

³⁷seun van Metusalag, seun van Henog, seun van Jered, seun van Mahalalel, seun van Kenan,

³⁸seun van Enos, seun van Set, seun van Adam, die seun van God.

Lukas 4

Die versoeking van Jesus

(Matt. 4:1-11; Mark. 1:12-13)

¹Jesus het vol van die Heilige Gees van die Jordaan af teruggekom, en deur die Gees is Hy na die woestyn toe gelei,

²waar Hy veertig dae lank deur die duiwel versoek is. Die hele tyd het Hy niks geëet nie, sodat Hy aan die einde daarvan honger was.

³Die duiwel sê toe vir Hom: “As U die Seun van God is, sê vir hierdie klip dit moet brood word.”

⁴Maar Jesus antwoord hom: “Daar is geskrywe: 'n Mens leef nie net van brood nie.”

⁵Daarna bring die duiwel Hom op 'n hoogte en wys Hom in 'n oogwink al die koninkryke van die wêreld.

⁶Toe sê die duiwel vir Hom: “Aan U sal ek al hierdie mag en majesteit gee, want dit is aan my oorgegee, en ek gee dit aan wie ek wil.

⁷Dit sal alles aan U behoort as U maar net voor my buig en my aanbid.”

⁸Daarop antwoord Jesus: “Daar staan geskrywe: “Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.”

⁹Hierna neem die duiwel Hom na Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste punt van die tempel staan, en sê:

¹⁰“As U die Seun van God is, spring hier af! Daar staan mos geskrywe: “Hy sal sy engele opdrag gee om jou te beskerm,

¹¹“en ook: “Op hulle hande sal hulle jou dra sodat jy nie jou voet teen 'n klip sal stamp nie.”

¹²Maar Jesus antwoord hom: “Daar is gesê: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie.”

¹³Nadat die duiwel met al die versoekings klaar was, het hy Jesus 'n tyd lank met rus gelaat.

Jesus in Galilea

(Matt. 4:12-17; Mark. 1:14-15)

¹⁴Jesus het na Galilea toe teruggegaan vol van die krag van die Gees, en berigte oor Hom het deur die hele omgewing versprei.

¹⁵Hy het die mense in die sinagoges geleer, en almal het met lof van Hom gepraat.

Jesus word uit Nasaret verdryf

(Matt. 13:53-58; Mark. 6:1-6)

¹⁶Hy het ook in Nasaret gekom, waar Hy grootgeword het, en soos sy gewoonte was, het Hy op die sabbatdag na die sinagoge toe gegaan. Toe Hy opstaan om uit die Skrif voor te lees,

¹⁷is die boek van die profeet Jesaja vir Hom aangegee, en Hy het dit oopgemaak en die plek gekry waar geskrywe staan:

¹⁸“Die Gees van die Here is op My omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan armes te verkondig. Hy het My gestuur om vrylating vir gevangenes uit te roep en herstel van gesig vir blindes, om onderdruktes in vryheid uit te stuur,

¹⁹om die genadejaar van die Here aan te kondig.”

²⁰Nadat Hy die boek toegemaak en aan die amptenaar teruggegee het, het Hy gaan sit. Die oë van almal in die sinagoge was op Hom gerig.

²¹Toe begin Hy hulle toespreek: “Vandag is hierdie Skrifwoord wat julle nou net gehoor het, vervul.”

²²Almal het hulle instemming met Hom betuig en was verwonderd oor die aangename woorde uit sy mond. En hulle sê: “Is hy dan nie die seun van Josef nie? ”

²³Toe sê Jesus vir hulle: “Julle sal seker die spreekwoord aan My wil voorhou: ‘Geneesheer, genees jouself’ en vir My sê: ‘Ons het gehoor wat alles in Kapernaum gebeur het. Doen nou dieselfde dinge ook hier waar jy grootgeword het.’

²⁴Maar dit verseker Ek julle,” sê Hy verder, “geen profeet word in die plek waar hy grootgeword het, aanvaar nie.

²⁵Ek sê vir julle die waarheid: Daar was baie weduwees in Israel in die tyd van Elia toe die hemel drie jaar en ses maande lank toegesluit was, sodat daar 'n groot hongersnood in die hele land gekom het.

²⁶Tog is Elia nie na een van hulle toe gestuur nie, maar wel na 'n weduwee in Sarfat in die gebied van Sidon.

²⁷En daar was baie melaatses in Israel in die tyd van die profeet Elisa. Tog is nie een van hulle genees nie, maar wel Naäman, die Siriër.”

²⁸Almal in die sinagoge was woedend toe hulle hierdie dinge hoor.

²⁹Hulle het opgespring, Hom uit die dorp uitgejaag en Hom gebring tot op die rand van die berg waarop hulle dorp gebou was, om Hom van die krans af te gooi.

³⁰Maar Jesus het tussen hulle deur geloop en weggegaan.

Die besetene in Kapernaum

(Mark. 1:21-28)

³¹Daarna het Hy na Kapernaum toe gegaan, 'n dorp in Galilea, en die mense gereeld op die sabbatdag geleer.

³²Hulle was verbaas oor sy leer, want Hy het met gesag gepraat.

³³In die sinagoge was daar 'n man wat in die mag was van 'n bose, onrein gees, en hy het hard geskreeu:

³⁴“Ha! Wat het ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te verdelg? Ek weet wie U is: U is die Heilige van God! ”

³⁵Maar Jesus het hom skerp aangespreek: “Bly stil en gaan uit hom uit! ” En die bose gees het die man tussen die mense laat neerslaan en uit hom uitgegaan sonder om hom seer te maak.

³⁶Almal was baie verbaas, en hulle raak aan die praat en vra vir mekaar: “Wat vir 'n woord is dit dat hy met gesag en mag die onrein geeste gebied, en hulle gaan uit? ”

³⁷En berigte oor Hom het na elke plek in die omgewing versprei.

Die genesing van Petrus se skoonmoeder

(Matt. 8:14-17; Mark. 1:29-34)

³⁸Toe Jesus die sinagoge verlaat, het Hy na die huis van Simon toe gegaan. Die skoonmoeder van Simon het siek gelê met 'n hewige koors, en hulle het Hom gevra om iets vir haar te doen.

³⁹Hy het by die koppenent van die bed gaan staan en die koors bestraf. Dit het haar verlaat, en sy het onmiddellik opgestaan en hulle bedien.

⁴⁰Met sononder het almal hulle siekes, wat aan allerhande kwale gely het, na Hom toe gebring. Hy het hulle een vir een die hande opgelê en hulle gesond gemaak.

⁴¹Ook bese geeste het uit baie uitgegaan terwyl hulle skreeu: “U is die Seun van God!” En Jesus het hulle skerp aangespreek en hulle nie toegelaat om sulke dinge te sê nie, omdat hulle geweet het dat Hy die Christus is.

Jesus verlaat Kapernaum

(Mark. 1:35-39)

⁴²Teen dagbreek het Hy uitgegaan en na 'n eensame plek toe vertrek. Die mense het Hom begin soek, en toe hulle by Hom uitkom, het hulle Hom probeer beweeg om nie van hulle af weg te gaan nie.

⁴³Maar Hy het vir hulle gesê: “Ek moet ook aan die ander dorpe die evangelie van die koninkryk van God verkondig, want daarvoor is Ek gestuur.”

⁴⁴En Hy het voortgegaan om in die sinagoges van die Joodse land te preek.

Lukas 5

Die roeping van die eerste dissipels

(Matt. 4:18-22; Mark. 1:16-20)

¹Op 'n dag toe Jesus langs die Gennesaretmeer staan en die skare vorentoe beur om die woord van God te hoor,

²sien Hy twee skuite aan die kant van die meer lê. Die vissers het uitgeklim en was besig om die nette uit te spoel.

³Jesus klim toe in een van die skuite, die een wat aan Simon behoort, en vra hom om dit 'n entjie van die oewer af weg te stoot. Nadat Hy gaan sit het, het Hy die skare van die skuit af geleer.

⁴Toe Hy klaar gepraat het, sê Hy vir Simon: “Vaar uit na die diep water toe en gooi julle nette uit om te vang.”

⁵“Meneer,” antwoord Simon, “ons het die hele nag deur geswoeg sonder om iets te vang, maar op u woord sal ek die nette uitgooi.”

⁶En toe hulle dit doen, het hulle so 'n groot klomp vis gevang dat hulle nette wou skeur.

⁷Hulle wink toe vir hulle maats in die ander skuif om te kom help. Hulle het gekom en albei die skuif so vol gemaak dat hulle amper gesink het.

⁸Toe Simon Petrus dit sien, val hy voor Jesus se knieë neer en sê: “Gaan weg van my af, Here, want ek is 'n sondige mens.”

⁹Hy en almal wat saam met hom was, was stom verbaas oor die groot klomp vis wat hulle gevang het.

¹⁰Jakobus en Johannes, die seuns van Sebedeus wat saam met Simon gewerk het, was net so verbaas. Toe sê Jesus vir Simon: “Moenie bang wees nie. Van nou af sal jy mense vang.”

¹¹En nadat hulle die skuif op die strand getrek het, het hulle alles net so laat lê en sy volgelinge geword.

Die genesing van 'n melaats

(Matt. 8:1-4; Mark. 1:40-45)

¹²Eendag toe Jesus in een van die dorpe was, kom Hy 'n man teë wat oortrek was van die melaatsheid. Toe die man Hom sien, val hy op sy knieë voor Hom en smeek: “Here, as U wil, kan U my gesond maak.”

¹³Jesus steek sy hand uit, raak hom aan en sê: “Ek wil. Word gesond!” En sy melaatsheid was onmiddellik weg.

¹⁴Toe gee Jesus hom opdrag: “Moet dit aan niemand vertel nie, maar gaan wys jou vir die priester en bring offers vir jou reiniging soos Moses voorgeskryf het. Dit sal vir die mense die bewys wees dat jy rein geword het.”

¹⁵Tog het die nuus oor Hom nog verder versprei, en groot menigtes het saamgedrom om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word.

¹⁶Maar Hy het Hom altyd weer in eensame plekke afgesonder om daar te bid.

'n Verlamde man word gesond gemaak

(Matt. 9:1-8; Mark. 2:1-12)

¹⁷Op een van dié dae, terwyl Jesus besig was om die mense te leer, het daar ook Fariseërs en leermeesters van die wet van Moses gesit wat van oral af uit die dorpe van Galilea en Judea en selfs uit Jerusalem gekom het. En die Here het vir Jesus die krag gegee om mense gesond te maak.

¹⁸Onverwags kom daar mense met 'n verlamde man op 'n draagbaar aan, en hulle probeer om hom die huis in te bring en voor Jesus neer te sit.

¹⁹Toe hulle vanweë die gedrang nie kans sien om hom in te bring nie, klim hulle op die dak en laat hom met draagbaar en al deur 'n opening tussen die dakteëls afsak tussen die mense in en vlak voor Jesus.

²⁰Toe Hy hulle geloof sien, sê Hy: “Mens, jou sondes is jou vergewe.”

²¹Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het hulle begin afvra: “Wie is hy dat hy so godslasterlik praat? Wie anders kan sondes vergewe as net God alleen? ”

²²Maar Jesus het hulle redeneringe gemerk en vir hulle gesê: “Wat redeneer julle by julleself?

²³Wat is makliker? Om te sê: ‘Jou sondes is jou vergewe,’ of om te sê: ‘Staan op en loop’?

²⁴Maar Ek gaan nou vir julle die bewys lewer dat die Seun van die mens volmag het om op aarde sondes te vergewe.” Toe sê Hy vir die verlamde man: “Ek sê vir jou: Staan op, vat jou draagbaar en gaan huis toe.”

²⁵Onmiddellik het hy voor hulle oë opgestaan, die draagbaar waarop hy gelê het, gevat en terwyl hy God prys, huis toe gegaan.

²⁶Almal het verbaas gestaan en God geprys en vol eerbiedige vrees gesê: “Vandag het ons ongelooflike dinge gesien.”

Die roeping van Levi

(Matt. 9:9-13; Mark. 2:13-17)

²⁷Daarna het Jesus uitgegaan en 'n tollenaar met die naam Levi by sy tolhuis sien sit, en Hy sê vir hom: “Volg My.”

²⁸Hy het alles net so laat lê en opgestaan en Jesus gevolg.

²⁹Levi het 'n groot feesmaal in sy huis gehou ter ere van Jesus, en 'n groot aantal tollenaars en ander mense het saam met hulle aangesit.

³⁰Die Fariseërs, en veral die skrifgeleerdes onder hulle, het by sy dissipels gekla en gesê: “Waarom eet en drink julle saam met tollenaars en sondaars?”

³¹Toe antwoord Jesus hulle: “Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is.

³²Ek het nie gekom om mense wat op die regte pad is, tot bekering te roep nie, maar sondaars.”

Wat dit beteken om te vas

(Matt. 9:14-17; Mark. 2:18-22)

³³Die mense sê toe vir Jesus: “Die volgelinge van Johannes vas dikwels en onderhou gereelde gebedstye, en so ook die volgelinge van die Fariseërs, en u dissipels eet en drink maar.”

³⁴Toe sê Jesus vir hulle: “Kan julle dan die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is?

³⁵Daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word en dan, in daardie dae, sal hulle vas.”

³⁶Hy vertel hulle ook nog 'n gelykenis: “Niemand skeur 'n stuk uit nuwe klere om daarmee ou klere te lap nie. As hy dit sou doen, sou die nuwe klere stukkend wees, en buitendien sal die nuwe lap nie by die ou klere pas nie.

³⁷“En niemand gooi nuwe wyn in ou velsakke nie. As hy dit sou doen, sal die nuwe wyn die velsakke laat oopbars. Dan is die wyn vermors en die sakke daarmee heen.

³⁸Nee, nuwe wyn moet in nuwe velsakke gegooi word.

³⁹“En niemand wat ou wyn gedrink het, wil nuwe wyn hê nie, want hy sê: Die oue is goed.”

Lukas 6

Jesus is Here oor die sabbat

(Matt. 12:1-8; Mark. 2:23-28)

¹Eenkeer het Jesus op 'n sabbatdag deur gesaaides geloop. Sy dissipels het are gepluk en dit met die hande uitgevrywe en geëet.

²Toe sê 'n paar van die Fariseërs: “Waarom doen julle iets wat op die sabbatdag nie gedoen mag word nie? ”

³Jesus antwoord hulle: “Het julle dan nie gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne honger gekry het nie?

⁴Hy het die huis van God binnegegaan en die offerbrode geneem en geëet en ook aan sy manne gegee. Tog is niemand behalwe die priesters toegelaat om daardie brood te eet nie.”

⁵Verder sê Hy vir hulle: “Die Seun van die mens is Here oor die sabbat.”

Die man met die gebreklige hand

(Matt. 12:9-14; Mark. 3:1-6)

⁶Op 'n ander sabbatdag het Jesus weer in die sinagoge ingegaan en die mense geleer. Daar was 'n man met 'n gebreklige regterhand.

⁷Die skrifgeleerdes en die Fariseërs het vir Jesus dopgehou om te sien of Hy op die sabbatdag iemand sou gesond maak sodat hulle 'n aanklag teen Hom kon kry.

⁸Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir die man met die gebreklige hand gesê: “Staan op en kom staan hier in die middel.” En hy het daar kom staan.

⁹Toe sê Jesus vir hulle: “Nou vra Ek julle: Mag 'n mens op die sabbatdag goed doen of kwaad doen, iemand red of doodmaak? ”

¹⁰Nadat Hy almal rondom Hom aangekyk het, sê Hy vir die man: “Steek jou hand uit.”

¹¹Hy het dit gedoen, en sy hand was gesond. Maar hulle het rasend van woede geword en onder mekaar geredeneer oor wat hulle Jesus sou aandoen.

Jesus kies twaalf apostels

(Matt. 10:1-4; Mark. 3:13-19)

¹²In daardie tyd het Jesus uitgegaan na die berg toe om te bid en die hele nag deurgebring in gebed tot God.

¹³Toe dit dag word, het Hy sy dissipels nader geroep en twaalf van hulle uitgekies, wat Hy ook apostels genoem het.

¹⁴Hulle was Simon, wat Hy ook Petrus genoem het, en sy broer Andreas, Jakobus en Johannes, Filippus en Bartolomeus,

¹⁵Matteus en Tomas, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot, Judas seun van Jakobus,

¹⁶en Judas Iskariot wat die verraaier geword het.

Weldade aan baie mense

(Matt. 4:23-25; Mark. 3:7-12)

¹⁷Hy het saam met hulle van die berg afgekom en op 'n gelykte by 'n groot aantal volgelinge gaan staan. Van die hele Joodse land en Jerusalem en van die kusgebied van Tirus en Sidon af was daar 'n menigte mense

¹⁸wat gekom het om na Hom te luister en van hulle siektes genees te word. Ook dié wat onder onrein geeste gely het, is gesond gemaak.

¹⁹Al die mense het Hom probeer aanraak, omdat daar krag van Hom uitgegaan het en Hy almal gesond gemaak het.

Seën en ellende

(Matt. 5:1-12)

²⁰Jesus het sy dissipels aangekyk en gesê: “Geseënd is julle wat arm is, want aan julle behoort die koninkryk van God.

²¹Geseënd is julle wat nou honger het, want julle sal versadig word. Geseënd is julle wat nou huil, want julle sal lag.

²²Geseënd is julle wanneer die mense julle haat en julle verstoot en uitskel en julle naam vermy soos iets wat sleg is, alles ter wille van die Seun van die mens.

²³Wees bly op daardie dag en spring rond van vreugde, want vir julle is daar groot beloning in die hemel. Hulle voorvaders het immers met die profete net so gemaak.

²⁴“Maar ellende wag vir julle wat ryk is, want julle het julle lekker lewe al weg.

²⁵Ellende wag vir julle wat julle nou vol eet, want julle sal honger ly. Ellende wag vir julle wat nou lag, want julle sal treur en huil.

²⁶Ellende wag vir julle as al die mense goed van julle praat. Hulle voorvaders het immers met die vals profete net so gemaak.”

Liefde vir die vyand

(Matt. 5:38-48; 7:12a)

²⁷“Maar vir julle wat na My luister, sê Ek: Julle moet julle vyande liefhê; doen goed aan die mense deur wie julle gehaat word;

²⁸seën die mense deur wie julle vervloek word; bid vir die mense deur wie julle sleg behandel word.

²⁹As iemand jou op die een wang slaan, bied hom ook die ander een aan. En vir iemand wat jou boklere vat, moet jy ook jou onderklere nie weier nie.

³⁰Aan elkeen wat iets vra, moet jy gee; en as iemand jou goed vat, moet jy dit nie teruggeis nie.

³¹Behandel ander mense soos julle self behandel wil word.

³²“As julle net dié liefhet wat vir julle liefhet, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Ook die sondaars het net dié lief wat vir hulle liefhet.

³³En as julle goed doen net aan dié wat aan julle goed doen, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Die sondaars maak maar net so.

³⁴En as julle geld leen net aan dié van wie julle hoop om dit terug te kry, watter aanspraak op dank het julle dan nog? Sondaars leen ook aan sondaars, solank hulle maar dieselfde bedrag kan terugkry.

³⁵Nee, sonder om iets terug te verwag, moet julle julle vyande liefhê en goed doen en uitleen. Dan sal daar vir julle 'n groot beloning wees: julle sal kinders van die Allerhoogste wees, omdat Hy self goed is vir die ondankbares en slegtes.

³⁶Wees barmhartig soos julle Vader barmhartig is.”

Moenie oordeel nie

(Matt. 7:1-5)

³⁷“Moenie oordeel nie, en oor julle sal nie geoordeel word nie. Moenie veroordeel nie, en julle sal nie veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word.

³⁸Gee, en vir julle sal gegee word: ‘n goeie maat, ingestamp, geskud en propvol, sal hulle in julle hande gee. Met die maat waarmee julle meet, sal ook vir julle gemeet word.”

³⁹Hy het ook met beeldspraak vir hulle gesê: “Kan 'n blinde miskien 'n ander blinde lei? Sal hulle nie altwee in 'n sloot val nie?

⁴⁰'n Leerling is nie hoër as sy leermeester nie, maar iemand wat volleerd is, sal aan sy leermeester gelyk wees.

⁴¹“Waarom sien jy die splinter raak in die oog van jou broer, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie?

⁴²Jy wat die balk in jou eie oog nie raaksien nie, hoe kan jy vir jou broer sê: ‘Broer, laat my toe om die splinter in jou oog uit te haal’? Huigelaar! Haal eers die balk uit jou eie oog uit, dan sal jy goed kan sien om die splinter in jou broer se oog uit te haal.”

'n Boom word aan sy vrugte geken

(Matt. 7:17-20; 12:34b-35)

⁴³“Dit is nie die goeie boom wat slegte vrugte dra nie, en ook nie die slegte boom wat goeie vrugte dra nie.

⁴⁴Elke boom word aan sy eie vrugte geken. Van doringstruik pluk 'n mens mos nie vye nie, en van 'n doringbos oes jy ook nie druiwe nie.

⁴⁵Die goeie mens bring die goeie te voorskyn uit die oorfloed goeie dinge in sy hart, en die slegte mens bring die slegte te voorskyn uit die oorfloed slegte dinge. Waar die hart van vol is, loop die mond van oor.”

Twee fundamente

(Matt. 7:24-27)

⁴⁶“Watter sin het dit dat julle My aanspreek met ‘Here, Here!’ en nie doen wat Ek sê nie?

⁴⁷Elkeen wat na My toe kom en na my woorde luister en doen wat Ek sê — Ek sal vir julle verduidelik soos wie hy is:

⁴⁸Hy is soos 'n man wat by die bou van sy huis die grond diep uitgegrawe en die fondament op die rotsbodem gelê het. Toe daar 'n oorstroming kom en die vloedwater die huis tref, kon dit hom nie beweeg nie, want die huis was goed gebou.

⁴⁹Maar as iemand luister en nie doen wat Ek sê nie, is hy soos 'n man wat sy huis bo-op die grond gebou het sonder 'n fondament. Toe die vloedwater dit tref, het dit dadelik ingestort, en daardie huis het een groot puinhoop geword.”

Lukas 7

Die genesing van die offisier se slaaf

(Matt. 8:5-13; vgl. Joh. 4:43-54)

¹Nadat Jesus die gehoor klaar toegesprek het, het Hy na Kapernaum toe gegaan.

²'n Offisier daar het 'n slaaf gehad wat vir hom baie werd was, en die slaaf was siek en het op sterwe gelê.

³Die offisier het van Jesus gehoor, en stuur toe 'n paar familiehoofde van die Jode na Hom toe om te vra dat Hy moet kom om sy slaaf gesond te maak.

⁴Toe hulle by Jesus kom, het hulle ernstig by Hom daarop aangedring en gesê: “Hy is dit werd dat U dit vir hom doen,

⁵want hy het ons volk lief en het op eie koste die sinagoge vir ons gebou.”

⁶Jesus het toe saam met hulle gegaan. Toe Hy nie meer ver van die huis af was nie, stuur die offisier 'n paar van sy vriende om vir Hom te sê: “Here, moenie moeite doen nie, want ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie.

⁷Daarom het ek my ook nie waardig geag om self na U toe te gaan nie. Sê maar net 'n woord, en my slaaf is gesond.

⁸Ek is self 'n man wat onder gesag gestel is en ek het soldate onder my. Vir een sê ek: ‘Gaan daarheen!’ en hy gaan; en vir 'n ander: ‘Kom!’ en hy kom. Vir my slaaf sê ek: ‘Doen dit!’ en hy doen dit.”

⁹Jesus was verwonderd toe Hy dit hoor. Hy draai toe om na die mense wat agter Hom aangekom het en sê: “Ek sê vir julle: In Israel het Ek nie so 'n groot geloof teëgekom nie.”

¹⁰En toe die mense wat gestuur was, weer by die huis kom, kry hulle die slaaf daar heeltemal gesond.

Die opwekking van 'n weduwee se seun by Nain

¹¹Kort daarna het Jesus na 'n dorp met die naam Nain gegaan,

¹²en sy dissipels en 'n hele menigte mense is saam met Hom. Toe Hy naby die ingang van die dorp kom, word daar juis 'n dooie uitgedra om begrawe te word. Hy was die enigste seun van sy ma, en sy was 'n weduwee. Byna die hele dorp se mense was saam met haar.

¹³Toe die Here haar sien, het Hy haar innig jammer gekry en vir haar gesê: “Moenie huil nie! ”

¹⁴Hy gaan toe nader en vat aan die baar. Die draers gaan staan toe, en Hy sê: “Jongman, Ek sê vir jou, staan op! ”

¹⁵Die dooie het regop gaan sit en begin praat. En Jesus het hom aan sy ma teruggegee.

¹⁶Almal is met ontsag vervul en het God geprys deur te sê: “'n Groot profeet het onder ons opgestaan,” en “God het na sy volk omgesien.”

¹⁷Die berig oor wat Hy gedoen het, het deur die hele Joodse land en die omliggende gebied versprei.

Jesus en die vraag van Johannes die Doper

(Matt. 11:2-19)

¹⁸Die volgelinge van Johannes het hom van al hierdie dinge vertel. Hy laat toe twee van sy volgelinge roep

¹⁹en stuur hulle na die Here toe om te vra: “Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag? ”

²⁰Toe die manne by Hom kom, sê hulle: “Johannes die Doper het ons na U toe gestuur om te vra: Is U die Een wat sou kom, of moet ons 'n ander een verwag?”

²¹Op daardie oomblik het Jesus juis baie mense gesond gemaak van siektes en kwale en bese geeste, en baie blindes het Hy laat sien.

²²Sy antwoord aan die boodskappers was: “Gaan vertel vir Johannes wat julle gesien en gehoor het: blindes sien, lammes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek, aan armes word die evangelie verkondig.

²³En gelukkig is die man wat nie aan My begin twyfel nie.”

²⁴Nadat die boodskappers van Johannes vertrek het, het Jesus met die mense oor Johannes begin praat en gesê: “Waarna het julle in die woestyn gaan kyk? Na 'n riet wat deur die wind heen en weer gewaai word?

²⁵Nee? Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Man met deftige klere aan? Nee, kyk, dié wat swierige klere dra en in weelde lewe, kry 'n mens in koninklike paleise.

²⁶Maar wat het julle dan uitgegaan om te sien? 'n Profeet? Ja, Ek verseker julle, nog meer as 'n profeet.

²⁷Dit is hy van wie daar geskrywe staan: “ ‘Kyk, Ek stuur my boodskapper voor jou uit; hy sal die pad vir jou regmaak.’

²⁸“Ek sê vir julle: Onder die mense op aarde is niemand gebore wat groter as Johannes is nie, en tog is die geringste in die koninkryk van God groter as hy.”

²⁹Al die mense, ook die tollenaars, het na hom geluister en was aan die wil van God gehoorsaam. Hulle het hulle met die doop van Johannes laat doop.

³⁰Net die Fariseërs en die wetgeleerdes het die bedoeling van God verwerp en hulle nie deur Johannes laat doop nie.

³¹Verder het Jesus gesê: “Waarmee sal Ek die mense van hierdie geslag vergelyk? Soos wie is hulle?

³²Hulle is net soos kinders wat op die markplein sit en vir mekaar roep: “Ons het vir julle op die fluit gespeel, en julle het nie gedans nie! Ons het 'n treurlied gesing, en julle het nie gehuil nie!

³³“Johannes die Doper het gekom en nie brood geëet of wyn gedrink nie, en julle sê: ‘Hy is van die duiwel besete.’

³⁴Die Seun van die mens het gekom, geëet en gedrink, en julle sê: ‘Kyk daar, 'n vraat en 'n wynsuiper, 'n vriend van tollenaars en sondaars.’

³⁵Maar God tree met wysheid op, en sy werke bewys dit.”

Jesus by Simon, die Fariseër

³⁶Een van die Fariseërs het Hom genooi om by hom te kom eet. Hy het toe in die huis van die Fariseër ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

³⁷'n Sekere vrou in die dorp, wat 'n sondige lewe gelei het, het gehoor dat Hy in die Fariseër se huis aan tafel was. Sy bring toe 'n albaste flessie met reukolie

³⁸en gaan staan agter Jesus by sy voete en huil, sodat haar tranes op sy voete begin drup het. Daarna het sy sy voete met haar hare afgedroog, hulle gesoen en met die reukolie gesalf.

³⁹Toe die Fariseër wat Hom genooi het, dit sien, sê hy by homself: “Hy, as hy 'n profeet was, sou tog geweet het wie en watter soort vrou dit is wat aan hom raak, dat sy 'n sondares is.”

⁴⁰Maar Jesus spreek hom aan en sê: “Simon, Ek het iets om vir jou te sê.” “Meneer, sê dit maar!” antwoord hy.

⁴¹Jesus sê toe: “Twee mense was in die skuld by 'n geldskietter. Die een het vyf honderd rand geskuld en die ander een vyftig.

⁴²Omdat hulle niks gehad het om mee te betaal nie, het hy die skuld vir albei kwytkeseld. Wie van hulle sal hom die meeste liefde bewys?”

⁴³Simon antwoord: “Ek veronderstel dié een vir wie hy die meeste kwytkeseld het.” “Jou antwoord is heeltemal reg,” sê Jesus,

⁴⁴en Hy draai na die vrou toe om en sê verder vir Simon: “Sien jy hierdie vrou? Ek het in jou huis gekom — en jy, water vir my voete het jy My nie gegee nie, maar sy, met haar trane het sy my voete natgemaak en met haar hare het sy dit afgedroog.

⁴⁵'n Soen het jy My nie gegee nie, maar sy het vandat sy hier ingekom het, nie opgehou om my voete te soen nie.

⁴⁶My kop het jy nie eens met olie gesalf nie; sy het my voete met reukolie gesalf.

⁴⁷Ek sê vir jou, omdat haar sondes wat baie is, vergewe is, daarom bewys sy baie liefde. Maar hy vir wie min vergewe is, bewys min liefde.”

⁴⁸En Jesus sê vir haar: “Jou sondes is vergewe.”

⁴⁹Toe begin dié wat saam aan tafel was, onder mekaar sê: “Wie is hierdie man dat hy selfs sondes vergewe? ”

⁵⁰Maar Jesus sê vir die vrou: “Jou geloof het jou gered. Gaan in vrede.”

Lukas 8

Vroue wat vir Jesus gesorg het

¹In die tyd wat nou gevolg het, het Jesus die land deurkruis van die een stad en dorp na die ander. Oral het Hy gepreek en die evangelie van die koninkryk van God verkondig. Die twaalf was saam met Hom

²en daarby 'n aantal vroue wat van bese geeste en siektes genees was. Daar was Maria, bekend as Magdalena, uit wie sewe bese geeste uitgegaan het,

³en Johanna die vrou van Gusa, 'n hoë amptenaar van Herodes, en Susanna en baie ander. Hierdie vroue het uit eie middele vir Jesus en die twaalf gesorg.

Gelykenis van die saaiers

(Matt. 13:1-9; Mark. 4:1-9)

⁴Uit die verskillende dorpe het aanhoudend mense na Jesus toe gestroom, en toe 'n groot menigte saamgekom het, het Hy vir hulle 'n gelykenis vertel:

⁵“'n Saaiers het uitgegaan om saad te saai. Met die saai het 'n deel op die pad geval, en dit is vertrap en die voëls het dit opgepik.

⁶'n Ander deel het op 'n klipbank geval, en nadat dit opgekom het, het dit verdroog, omdat dit geen vogtigheid gehad het nie.

⁷Nog 'n ander deel het tussen die onkruid geval, en die onkruid het daarmee saam gegroei en dit laat verstik.

⁸Daar was ook 'n deel wat in goeie grond geval het, en dit het opgekom en 'n honderdvoudige oes gelewer.” Toe Hy dit gesê het, roep Hy uit: “Wie ore het en kan hoor, moet luister! ”

Die doel van die gelykenisse

(Matt. 13:10-17; Mark. 4:10-12)

⁹Sy dissipels het Hom gevra wat die betekenis van hierdie gelykenis is.

¹⁰Hy het geantwoord: “Aan julle is dit gegee om die geheime van die koninkryk van God te ken, maar vir die ander bly dit by gelykenisse sodat “hulle kyk sonder om te sien en hoor sonder om te verstaan.”

Jesus verklaar die gelykenis van die saaier

(Matt. 13:18-23; Mark. 4:13-20)

¹¹“Die betekenis van die gelykenis is dit: Die saad is die woord van God.

¹²Dié wat op die pad val, dui op mense wat die woord hoor, maar dan kom die duiwel en neem dit uit hulle harte weg sodat hulle nie tot geloof kom en gered word nie.

¹³Dié wat op die klipbank val, dui op hulle wat die woord met blydschap aanneem wanneer hulle dit hoor, maar dit skiet nie wortel nie. Hulle geloof hou net 'n tydjie. Die oomblik dat dit op die proef gestel word, gee hulle moed op.

¹⁴Die saad wat tussen die onkruid val, dui op dié wat die woord hoor, maar deur die sorg en die rykdom en die genietinge van die lewe word dit gaandeweg verstik, en dit skiet nie saad nie.

¹⁵Die deel wat in goeie grond val, dui op dié wat die woord met 'n goeie en opregte hart hoor en dit bewaar en deur volharding vrug dra.”

Die gelykenis van die lamp

(Mark. 4:21-25)

¹⁶“Niemand steek 'n lamp op en maak dit dan met iets toe of sit dit onder 'n bed nie. Inteendeel, hy sit dit op 'n staander sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien.

¹⁷Daar is niks geheim wat nie openbaar sal word nie, of weggesteek wat nie bekend sal word en aan die lig sal kom nie.

¹⁸“Pas dus op hoe julle luister, want wie het, vir hom sal daar nog meer gegee word, maar wie nie het nie, van hom sal ook wat hy dink dat hy het, weggevat word.”

Die moeder en die broers van Jesus

(Matt. 12:46-50; Mark. 3:31-35)

¹⁹Die moeder en die broers van Jesus het na Hom toe gekom, maar vanweë die gedrang kon hulle nie tot by Hom kom nie.

²⁰Iemand sê toe vir Hom: “U moeder en u broers staan buite en wil met U praat.”

²¹Maar Jesus sê: “My moeder en my broers is dié wat na die woord van God luister en daarvolgens handel.”

Jesus maak die storm stil

(Matt. 8:23-27; Mark. 4:35-41)

²²Op 'n dag het Jesus en sy dissipels in 'n skuit geklim en Hy het vir hulle gesê:

²³“Kom ons gaan na die oorkant van die meer toe.” Hulle vaar toe weg, en terwyl hulle seil, raak Jesus aan die slaap. 'n Hewige stormwind het op die meer losgebars en die skuit het vol water begin word sodat hulle in lewensgevaar was.

²⁴Hulle gaan toe na Jesus toe en maak Hom wakker met die uitroep: “Meneer, Meneer, ons vergaan! ” Toe staan Hy op en bestraf die wind en die golwe.

²⁵Hulle het bedaar, en daar het stilte gekom. Toe sê Jesus vir hulle: “Waar is julle geloof dan? ” Maar hulle was verskrik en verbaas en het vir mekaar gesê: “Wie is Hy tog? Hy gee bevele aan wind en water, en hulle is aan Hom gehoorsaam! ”

'n Besetene word van bese geeste bevry

(Matt. 8:28-34; Mark. 5:1-20)

²⁶Daarna het hulle verder gevaar na die land van die Geraseners, wat reg teenoor Galilea lê.

²⁷Toe Jesus daar aan wal gaan, het 'n man van 'n dorp af Hom tegemoet gekom. Hy was van beseerde geeste beset en het 'n hele tyd al nie meer klere gedra nie en ook nie in 'n huis gebly nie, maar tussen grafte.

²⁸Toe hy Jesus sien, skreeu hy en val op sy knieë voor Hom neer terwyl hy hard uitroep: “Wat het U met my te doen, Jesus, Seun van God die Allerhoogste? Ek smeek U, moet my nie pynig nie!”

²⁹Dit het hy gesê omdat Jesus die onrein gees beveel het om uit die man uit te gaan. Dit was 'n beseerde gees wat hom al baiekeer beetgepak het. Al het hulle hom met hand- en voetboeie vasgemaak om hom in bedwang te hou, het hy die boeie uitmekaar geruk en is hy deur die beseerde gees die woestyn in gejaag.

³⁰Toe vra Jesus hom: “Wat is jou naam?” “Legio,” antwoord hy, want daar het baie beseerde geeste in hom ingevaar.

³¹Hulle het Jesus gesmeek om hulle nie na die onderaardse diepte toe terug te stuur nie.

³²Daar het 'n hele trop varke teen die berg geloop. Die beseerde geeste het Jesus gesmeek om hulle toe te laat om in die varke in te vaar. Hy het hulle dit toegelaat,

³³en die beseerde geeste het uit die man uitgegaan en in die varke ingevaar. Die trop sit toe op loop teen die hang af, die see in, en hulle versuip.

³⁴Toe die wagters sien wat gebeur het, hardloop hulle weg en gaan vertel dit in die dorp en op die plase.

³⁵Die mense gaan kyk toe wat gebeur het. Hulle kom by Jesus en daar kry hulle die man uit wie die beseerde geeste uitgegaan het. Hy sit by die voete van Jesus, met klere aan en by sy volle verstand, en hulle het bang geword.

³⁶Maar dié wat dit gesien het, het vir hulle vertel hoe die besetene genees is.

³⁷Toe het al die inwoners van die gebied van die Geraseners vir Jesus gevra om van hulle af weg te gaan omdat hulle baie bang was. Hy het toe in die skuit geklim en teruggegaan.

³⁸Die man uit wie die bese geeste uitgevaar het, het Jesus gesmeek om by Hom te kan bly. Maar Jesus het hom weggestuur en gesê:

³⁹“Gaan terug na jou huis toe en vertel alles wat God vir jou gedoen het.” Hy het toe gegaan en die hele dorp deur bekend gemaak wat Jesus vir hom gedoen het.

Die dogtertjie van Jairo. Die vrou met bloedvloeiing

(Matt. 9:18-26; Mark. 5:21-43)

⁴⁰Toe Jesus van die oorkant af terugkom, het die mense Hom verwelkom, want almal was Hom te wagte.

⁴¹Skielik kom daar 'n man aan. Dit was Jairo, 'n raadslid van die sinagoge. Hy het op sy knieë voor Jesus se voete geval en Hom gesmeek om na sy huis toe te kom,

⁴²want sy enigste dogter het op sterwe gelê. Sy was omtrent twaalf jaar oud. Op pad daarheen het die mense om Jesus saamgedrom.

⁴³Onder hulle was 'n vrou wat al twaalf jaar lank aan bloedvloeiing gely het. Sy het alles wat sy gehad het aan dokters uitgegee, maar niemand kon haar gesond maak nie.

⁴⁴Sy het nader gekom en van agter af aan die soom van sy klere geraak, en haar bloedvloeiing het onmiddellik opgehou. Jesus vra toe:

⁴⁵“Wie het My aangeraak? ” Toe almal ontken dat dit hulle is, sê Petrus: “Here, die mense dring tog rondom U saam en druk teen U.”

⁴⁶Maar Jesus sê: “Iemand het My aangeraak, want Ek het agtergekom dat daar krag van My uitgegaan het.”

⁴⁷Toe die vrou sien Hy weet dit is sy, het sy van angs gebewe en voor Hom kom neerval. Daar voor al die mense vertel sy Hom toe waarom sy Hom aangeraak het en hoe sy onmiddellik gesond geword het.

⁴⁸Toe sê Hy: “Dogter, jou geloof het jou gered. Gaan in vrede! ”

⁴⁹Terwyl Hy nog praat, kom daar iemand van die raadslid van die sinagoge se huis af om te sê: “U dogter is al dood. Moenie nog ons Leermeester lastig val nie.”

⁵⁰Maar Jesus het dit gehoor en sê vir hom: “Moet jou nie ontstel nie. Glo net, en sy sal gered word.”

⁵¹Toe Jesus by die huis kom, het Hy niemand toegelaat om saam met Hom in te gaan nie, behalwe Petrus, Johannes en Jakobus, en die kind se pa en ma.

⁵²Die mense daar het almal gehuil en oor haar rou bedryf. Maar Jesus sê: “Moenie huil nie, want sy is nie dood nie, sy slaap net.”

⁵³Hulle het Hom uitgelag, want hulle was seker dat sy dood is.

⁵⁴Maar Jesus het haar hand gevat en uitgeroep: “Dogtertjie, staan op! ”

⁵⁵Haar lewe het teruggekom, en sy het onmiddellik opgestaan. Toe gee Jesus opdrag dat hulle vir haar iets te ete moet gee.

⁵⁶Haar ouers was stom van verbasing, en Jesus het hulle verbied om vir iemand te vertel wat gebeur het.

Lukas 9

Jesus stuur die twaalf uit

(Matt. 10:5-15; Mark. 6:7-13)

¹Jesus het die twaalf bymekaargeroep en aan hulle mag en gesag gegee om alle bose geeste uit te dryf en siektes te genees.

²Toe het Hy hulle uitgestuur om die koninkryk van God te verkondig en die siekes gesond te maak.

³Hy het vir hulle gesê: “Moet niks vir die pad saamvat nie, nie 'n kiere of 'n reissak of brood of geld of nog 'n kledingstuk nie.

⁴En as julle in 'n huis tuis gaan, bly dan in dieselfde huis totdat julle die reis voortsit.

⁵As daar mense is wat julle nie wil ontvang nie, moet julle van so 'n plek af weggaan en die stof van julle voete afskud as aanklag teen hulle.”

⁶Hulle het toe vertrek en van die een dorp na die ander gegaan om oral die evangelie te verkondig en siekes gesond te maak.

Die onsekerheid van Herodes

(Matt. 14:1-12; Mark. 6:14-29)

⁷Herodes, die heerser, het gehoor van al die dinge wat gebeur, en hy was in die war omdat party mense gesê het: “Johannes is uit die dood opgewek;”

⁸party: “Elia het verskyn,” en ander: “Een van die profete van die ou tyd het opgestaan.”

⁹Maar Herodes het gesê: “Johannes het ek self laat onthoof. Maar wie is hierdie man van wie ek sulke dinge hoor? ” En hy het geprobeer om Hom te sien te kry.

Die vermeerdering van die brood

(Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Joh. 6:1-14)

¹⁰Toe die apostels terugkom, het hulle Jesus alles vertel wat hulle gedoen het. Daarna het Hy hulle saamgeneem in die rigting van die dorp Betsaida waar hulle alleen kon wees.

¹¹Maar die mense het dit te wete gekom en agter Hom aan gegaan. Hy het hulle verwelkom en met hulle gepraat oor die koninkryk van God, en dié wat genesing nodig gehad het, het Hy gesond gemaak.

¹²Toe die son begin sak, kom die twaalf na Hom toe en sê: “Stuur die mense weg dat hulle by die dorpe en plase in die omtrek slaapplek en kos kan gaan soek, want ons is hier op 'n verlate plek.”

¹³“Gee julle vir hulle iets om te eet,” sê Hy toe vir hulle. Maar hulle antwoord: “Ons het hier niks meer as vyf brode en twee visse nie. Of moet ons self vir hierdie klomp mense gaan kos koop? ”

¹⁴Net die mans bymekaar was al omtrent vyf duisend. Toe sê Jesus vir sy dissipels: “Laat die mense in groepe van sowat vyftig gaan sit om te eet.”

¹⁵Hulle het toe so gemaak en almal laat regsit.

¹⁶Daarna het Hy die vyf brode en die twee visse geneem, na die hemel opgekyk en die seën gevra. Toe breek Hy dit en gee dit vir die dissipels om aan die mense voor te sit.

¹⁷Almal het geëet en genoeg gekry. Wat oorgebly het, het hulle bymekaargemaak, twaalf mandjies vol.

Die belydenis van Petrus. Die eerste lydensaankondiging

(Matt. 16:13-23; Mark. 8:27-33)

¹⁸Op 'n keer terwyl Jesus eenkant besig was om te bid, het sy dissipels by Hom saamgekom. Toe vra Hy hulle: “Wie, sê die mense, is Ek? ”

¹⁹Hulle antwoord: “Johannes die Doper; party sê weer: Elia, en party: 'n profeet van die ou tyd het opgestaan.”

²⁰“Maar julle,” het Hy gevra, “wie, sê julle, is Ek? ” Toe antwoord Petrus: “Die Gesalfde van God.”

²¹Jesus het hulle uitdruklik belet om dit vir ander mense te vertel,

²²“want,” het Hy gesê, “die Seun van die mens moet baie ly, deur die familiehoofde, priesterhoofde en skrifgeleerdes verwerp word, en Hy moet doodgemaak word, en op die derde dag opgewek word.”

Om Jesus te volg

(Matt. 16:24-28; Mark. 8:34 -- 9:1)

²³Toe het Hy vir almal gesê: “As iemand agter My aan wil kom, moet hy homself verloën, elke dag sy kruis opneem en My volg,

²⁴want elkeen wat sy lewe wil behou, sal dit verloor, maar elkeen wat sy lewe om my ontwil verloor, sal dit behou.

²⁵“Wat help dit 'n mens as hy die hele wêreld as wins verkry, maar homself verloor of te gronde gaan?

²⁶Elkeen wat hom vir My en my woorde skaam, vir hom sal die Seun van die mens Hom skaam wanneer Hy kom, beklee met sy heerlikheid en die heerlikheid van die Vader en van die heilige engele.

²⁷Ek sê vir julle die waarheid: Daar is party van dié wat hier staan wat beslis nie sal sterf voordat hulle die koninkryk van God gesien het nie.”

Die verheerliking op die berg

(Matt. 17:1-8; Mark. 9:2-8)

²⁸Omtrent ag dae nadat Jesus hierdie woorde gesê het, het Hy vir Petrus en Johannes en Jakobus saamgeneem die berg op om te gaan bid.

²⁹Terwyl Hy bid, het die voorkoms van sy gesig anders geword en sy klere skitterend wit.

³⁰Skielik was daar twee manne wat met Hom praat. Dit was Moses en Elia.

³¹Hulle het in hemelse glans verskyn en met Hom gepraat oor sy uittog wat Hy in Jerusalem sou voltooi.

³²Petrus en die ander het intussen vas aan die slaap geraak, en toe hulle wakker word, sien hulle die hemelse glans van Jesus en ook die twee manne wat by Hom staan.

³³Toe die manne aanstalties maak om van Hom af weg te gaan, sê Petrus vir Jesus: “Here, dit is goed dat ons hier is. Laat ons drie hutte bou: een vir U, een vir Moses en een vir Elia.” Hy het nie geweet wat hy sê nie.

³⁴Terwyl hy nog praat, kom daar 'n wolk en gooi sy skaduwee oor hulle, en toe die wolk hulle insluit, het die dissipels bang geword.

³⁵Daar kom toe 'n stem uit die wolk wat sê: “Dit is my Seun wat Ek uitverkies het. Luister na Hom.”

³⁶Toe die stem praat, merk hulle dat Jesus alleen daar is. Hulle het hieroor stilgebly en in daardie tyd vir niemand anders enigiets vertel van wat hulle gesien het nie.

Jesus maak 'n seun gesond

(Matt. 17:14-18; Mark. 9:14-27)

³⁷Die volgende dag, toe hulle die berg afkom, het 'n groot klomp mense Jesus tegemoet gekom.

³⁸Meteens roep daar 'n man uit die skare: “Meneer, ek smeeek U, kyk bietjie na my seun. Hy is my enigste kind.

³⁹'n Gees pak hom onverwags beet, dan gaan hy skielik aan die skreeu en hy kry stuiptrekkings en ook skuim om die mond. Die gees hou aan om hom te verniel en laat hom nie maklik weer los nie.

⁴⁰Ek het u dissipels gesmeek om die gees uit te dryf, maar hulle kon nie.”

⁴¹Toe antwoord Jesus: “Ongelowige en ontaarde geslag! Hoe lank moet Ek nog by julle wees en julle verdra? Bring jou seun hier.”

⁴²Terwyl die seun nog aankom, gooi die bese gees hom op die grond neer en laat hom hewige stuiptrekkings kry. Maar Jesus het die onrein gees skerp aangespreek, die kind gesond gemaak en hom aan sy pa teruggegee.

⁴³Almal was verslae oor die grootheid van God.

Jesus kondig die tweede keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 17:22-23; Mark. 9:30-32)

⁴⁴Terwyl almal verbaas was oor alles wat Jesus gedoen het, sê Hy vir sy dissipels: “Wat julle betref, hou hierdie woorde goed in gedagte: Die Seun van die mens gaan in die hande van mense oorgelewer word.”

⁴⁵Maar hulle het hierdie uitspraak nie verstaan nie. Die betekenis daarvan was vir hulle bedek sodat hulle dit nie kon begryp nie, maar hulle was te bang om Jesus daarvoor uit te vra.

Wie is die belangrikste?

(Matt. 18:1-5; Mark. 9:33-37)

⁴⁶Daar het 'n stryery onder hulle ontstaan oor wie van hulle die belangrikste is.

⁴⁷Jesus het geweet met watter gedagtes hulle besig was, en Hy trek 'n kindjie nader om langs Hom te kom staan.

⁴⁸Toe sê Hy vir hulle: “Elkeen wat hierdie kindjie in my Naam ontvang, ontvang My, en elkeen wat My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het. Wie die minste onder julle almal is, hý is groot.”

Wie nie teen julle is nie, is vir julle

(Mark. 9:38-40; vgl. Matt. 12:30; Luk. 11:23)

⁴⁹Toe sê Johannes: “Here, ons het iemand gesien wat in u Naam bese geeste uitdryf, en ons het hom probeer keer omdat hy U nie saam met ons volg nie.”

⁵⁰Maar Jesus sê vir hom: “Moet hom nie keer nie, want wie nie teen julle is nie, is vir julle.”

'n Samaritaanse dorp wys Jesus af

⁵¹Toe die tyd nader kom dat Jesus in die hemel opgeneem sou word, het Hy vasbeslote die reis na Jerusalem begin

⁵²en boodskappers voor Hom uit gestuur. Hulle het vertrek en in 'n dorp van die Samaritane gekom om daar vir Hom verblyf te reël.

⁵³Maar die inwoners wou Hom nie ontvang nie, omdat Hy na Jerusalem toe op pad was.

⁵⁴Toe die twee dissipels, Jakobus en Johannes, dit sien, sê hulle: “Here, wil U hê ons moet vuur uit die hemel afroep om hulle te verteer? ”

⁵⁵Maar Hy het omgedraai en hulle skerp tereggewys.

⁵⁶Daarna het hulle die reis voortgesit na 'n ander dorp toe.

Hoe Jesus gevolg moet word

(Matt. 8:19-22)

⁵⁷Terwyl hulle op pad was, sê iemand vir Hom: “Ek sal U volg waar U ook al gaan.”

⁵⁸Toe sê Jesus vir hom: “Jakkalse het gate en voëls het neste, maar die Seun van die mens het nie eens 'n rusplek vir sy kop nie.”

⁵⁹Aan 'n ander een sê Hy: “Volg My.” Maar hy antwoord: “Here, laat my toe om eers terug te gaan om my pa te begrawe.”

⁶⁰Toe sê Jesus vir hom: “Laat die dooies hulle eie dooies begrawe, maar gaan verkondig jy die koninkryk van God.”

⁶¹Nog een het gesê: “Ek sal U volg, Here, maar laat my toe om eers my familie by die huis te gaan groet.”

⁶²Toe sê Jesus: “Iemand wat die hand aan die ploeg slaan en aanhou omkyk na wat agter is, is nie geskik vir die koninkryk van God nie.”

Lukas 10

Die sending van die twee en sewentig

(Vgl. Matt. 11:20-24)

¹Daarna het die Here twee en sewentig ander aangewys en hulle twee-twee voor Hom uit gestuur na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan.

²Hy het vir hulle gesê: “Die oes is groot, maar die arbeiders min. Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.

³Gaan nou! Maar onthou: Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.

⁴“Moenie 'n beurs of 'n reissak of skoene saamdra nie, en moenie langs die pad met groetery tyd verkwis nie.

⁵As julle in 'n huis kom, moet julle eerste woorde wees: ‘Vrede vir hierdie huis.’

⁶As daar iemand woon vir wie die vrede bestem is, sal die vrede op hom bly; so nie, sal dit na julle toe terugkom.

⁷Moenie van een huis na die ander trek nie, maar bly in dieselfde huis, eet en drink wat hulle voorhande het, want die arbeider is geregtig op sy loon.

⁸As julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle, eet dan wat hulle vir julle voorsit.

⁹Maak die siekes daar gesond en sê vir die mense: ‘Vir julle is die koninkryk van God baie naby!’

¹⁰Maar as julle in 'n dorp kom en hulle ontvang julle nie, gaan dan uit in sy strate en sê:

¹¹‘Selfs julle dorp se stof wat aan ons voete sit, vee ons af as aanklag teen julle. Maar dit moet julle weet: die koninkryk van God is baie naby.’

¹²Ek sê vir julle: Vir die mense van Sodom sal dit op dié dag draagliker wees as vir daardie dorp.

¹³“Ellende wag vir jou, Gorasin! Ellende wag vir jou, Betsaida! As in Tirus en Sidon die wonderdade plaasgevind het wat in julle plaasgevind het, sou hulle lankal in sak en as gesit en hulle bekeer het.

¹⁴Maar vir Tirus en Sidon sal dit in die oordeel draagliker wees as vir julle.

¹⁵En jy, Kapernaum, dink jy jý sal tot die hemel toe verhoog word? Nee, jy sal tot in die doderyk afdaal!

¹⁶“Wie na julle luister, luister na My; wie vir julle verwerp, verwerp My; en wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.”

Die terugkoms van die twee en sewentig

¹⁷Die twee en sewentig het vol blydschap teruggekom en gesê: “Here, selfs die bose geeste onderwerp hulle aan ons by die hoor van u Naam.”

¹⁸Toe sê Hy vir hulle: “Ek het die Satan soos 'n weerligstraal uit die hemel sien val.

¹⁹Kyk, Ek het aan julle die mag gegee om op slange en skerpioene te trap en om die vyand met al sy geweld te oorwin, sonder dat iets julle enige leed aandoen.

²⁰En tog moet julle nie bly wees net omdat die geeste hulle aan julle onderwerp nie, maar wees veral bly omdat julle name in die hemel opgeskryf is.”

Die blydschap van Jesus

(Matt. 11:25-27; 13:16-17)

²¹By daardie selfde geleentheid het Jesus deur die Heilige Gees dit uitgejubel: “Ek prys U, Vader, Here van hemel en aarde, dat U hierdie dinge vir slim en geleerde mense verberg het en dit aan eenvoudiges bekend gemaak het. Ja, Vader, so was dit u genadige bedoeling.

²²“My Vader het alles aan My toevertrou. Niemand weet wie die Seun is nie behalwe die Vader, en wie die Vader is nie behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil bekend maak.”

²³Toe draai Jesus Hom na sy dissipels afsonderlik en sê vir hulle: “Hoe bevoorreg is die oë wat sien wat julle sien,

²⁴want Ek sê vir julle: Baie profete en konings het daarna verlang om te sien wat julle nou sien, en hulle het dit nie gesien nie; en om te hoor wat julle nou hoor, en hulle het dit nie gehoor nie.”

Die barmhartige Samaritaan

(Matt. 22:34-40; Mark. 12:28-34)

²⁵Daar was 'n wetgeleerde wat aan Jesus 'n strikvraag wou stel. Hy staan toe op en vra: “Meneer, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry? ”

²⁶Jesus sê vir hom: “Wat staan in die wet van Moses geskrywe? Wat lees jy daar? ”

²⁷Hy antwoord: “Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou krag en met jou hele verstand, en jou naaste soos jouself.”

²⁸“Jy het reg geantwoord,” sê Jesus vir hom. “Doen dit en jy sal die lewe verkry.”

²⁹Maar die wetgeleerde wou homself handhaaf en vra vir Jesus: “En wie is my naaste? ”

³⁰Jesus gaan toe nader daarop in deur te sê: “Toe 'n man eenmaal op pad was van Jerusalem af na Jerigo toe, het rowers hom aangeval. Hulle het hom kaal uitgetrek en hom geslaan dat hy halfdood bly lê, en toe padgegee.

³¹Dit gebeur toe dat daar 'n priester met daardie pad langs kom, en toe hy hom sien, gaan hy ver langs verby.

³²Net so het daar ook 'n Leviet by die plek gekom, en toe hy hom sien, gaan hy ook ver langs verby.

³³Maar 'n Samaritaan wat op reis was, het op hom afgekom, en toe hy hom sien, het hy hom innig jammer gekry.

³⁴Hy het na hom toe gegaan, sy wonde met olie en wyn behandel en hulle verbind. Toe het hy hom op sy rydier gehelp en hom na 'n herberg toe geneem en hom daar verder versorg.

³⁵Die volgende dag haal hy twee muntstukke uit en gee dit aan die eienaar van die herberg en sê: ‘Sorg vir hom, en as jy meer onkoste met hom het, sal ek jou betaal wanneer ek hierlangs terugkom.’

³⁶“Wie van hierdie drie is volgens jou die naaste van hom wat onder die rowers verval het? ”

³⁷Die wetgeleerde antwoord: “Die man wat aan hom medelye bewys het.” Toe sê Jesus vir hom: “Gaan maak jy ook so.”

Op besoek by Marta en Maria

³⁸Op hulle reis het Jesus in 'n dorp gekom waar 'n vrou, Marta, Hom as gas ontvang het.

³⁹Sy het 'n suster gehad, Maria, wat aan die voete van die Here gaan sit en na sy woorde geluister het.

⁴⁰Maar Marta was baie bedrywig om alles klaar te maak. Sy kom toe daar staan en sê: “Here, hinder dit U nie dat my suster my alleen laat bedien nie? Sê sy moet my kom help! ”

⁴¹Maar die Here antwoord haar: “Marta, Marta, jy is besorg en bekommerd oor baie dinge,

⁴²maar net een ding is nodig. Maria het die beste deel gekies, en dit sal nie van haar weggeneem word nie.”

Lukas 11

Onderrig oor die gebed

(Matt. 6:9-15; 7:7-11)

¹Jesus was êrens op 'n plek besig om te bid. Toe Hy klaar was, sê een van sy dissipels vir Hom: “Here, leer ons bid, soos Johannes ook sy volgelinge geleer het.”

²En Hy sê vir hulle: “Wanneer julle bid, sê dan: “Vader, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom.

³Gee ons elke dag ons daaglikse brood;

⁴en vergeef ons ons sondes, want ons vergewe ook elkeen wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie.”

⁵Verder sê Hy vir hulle: “Sê nou een van julle het 'n vriend, en jy gaan in die middel van die nag na hom toe en jy vra: ‘Vriend, leen my bietjie drie brode,

⁶want 'n vriend van my wat op reis is, het by my aangekom, en ek het niks om vir hom voor te sit nie.’

⁷En die ander antwoord van binne af: ‘Moet my nie lastig val nie! Die deur is al gesluit, en ek en my kinders is al in die bed. Ek kan nie opstaan om dit vir jou te gee nie ...’

⁸Ek sê vir julle: Al sou hy nie opstaan en dit vir hom gee omdat hy sy vriend is nie, sal hy tog opstaan en hom alles gee wat hy nodig het, omdat hy hom nie skaam om aan te hou vra nie.

⁹“Ek sê vir julle: Vra, en vir julle sal gegee word. Soek, en julle sal kry. Klop, en vir julle sal oopgemaak word.

¹⁰Elkeen wat vra, ontvang, en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word.

¹¹Is daar 'n pa onder julle wat as sy seun vir hom 'n vis vra, vir hom 'n slang sal gee in plaas van die vis?

¹²Of as hy 'n eier vra, vir hom 'n skerpioen sal gee?

¹³As julle wat sleg is, dan weet om vir julle kinders goeie dinge te gee — die Vader in die hemel nog baie meer! Hy sal die Heilige Gees gee vir dié wat vra.”

Jesus en Beëlsebul

(Matt. 12:22-30; Mark. 3:20-27)

¹⁴Jesus het op 'n keer 'n beseerde gees uitgedryf uit iemand wat nie kon praat nie. Net nadat die beseerde gees uitgegaan het, het die stom man begin praat. Die mense het hulle verwonder,

¹⁵maar party van hulle het gesê: “Dit is met die hulp van Beëlsebul, die aanvoerder van die beseerde geeste, dat hy geeste uitdriewe.”

¹⁶Ander wou Hom op die proef stel deur van Hom 'n wonderteken uit die hemel te vra.

¹⁷Maar Hy het hulle gedagtes geken en vir hulle gesê: “Elke koninkryk wat onderling verdeeld is, gaan te gronde, en 'n huisgesin wat onderling verdeeld is, spat uitmekaar.

¹⁸As die Satan dan teen homself verdeeld is, hoe kan sy ryk bly staan? Julle sê mos Ek dryf bese geeste uit met die hulp van Beëlsebul.

¹⁹As Ek wel deur Beëlsebul bese geeste uitdryf, met wie se hulp doen julle eie volgelinge dit dan? Dus, hulle bewys self dat julle verkeerd is.

²⁰Aangesien Ek dus deur die vinger van God bese geeste uitdryf, het die koninkryk van God inderdaad tot by julle gekom.

²¹“Wanneer 'n sterk man hom goed bewapen en sy huis bewaak, is al sy besittings veilig.

²²Maar as daar een kom wat sterker as hy is en hom oorwin, neem hy al die wapens af waarop hy hom verlaat het, en hy verdeel sy besittings as buit.

²³“Wie nie aan my kant is nie, is teen My. En wie nie saam met My die skape bymekaarmaak nie, jaag hulle uitmekaar.”

Die terugkoms van die onrein gees

(Matt. 12:43-45)

²⁴“Wanneer 'n onrein gees uit 'n mens uitgaan, swerf hy deur dor streke op soek na 'n rusplek. As hy dit nie kry nie, sê hy: ‘Ek gaan terug na my huis toe waar ek uitgegaan het.’

²⁵Hy kom dan terug en kry dit skoon en aan die kant.

²⁶Dan gaan haal hy sewe ander geeste, nog slegter as hy self, en hulle trek in en gaan woon daar. Aan die einde is so 'n man slegter daaraan toe as aan die begin.”

Die ware geluk

²⁷Terwyl Jesus nog besig was om te praat, het 'n vrou uit die menigte hardop uitgeroep en vir Hom gesê: “Hoe bevoorreg is die vrou wat U in haar liggaam gedra en aan haar bors gevoed het! ”

²⁸Maar Hy sê: “Nog meer bevoorreg is hulle wat die woord van God hoor en dit onderhou.”

Die teken van Jona (Matt. 12:38-42; Mark. 8:12)

²⁹Toe die mense aanhou saamdrom, het Jesus hulle begin toespreek en gesê: “Die mense van hierdie tyd is 'n verdorwe geslag. Hulle vra 'n wonderteken, maar daar sal geen teken aan hulle gegee word nie behalwe die teken van Jona.

³⁰Net soos Jona vir die mense van Nineve 'n teken was, so sal die Seun van die mens 'n teken wees vir die mense van vandag.

³¹Die koningin van die Suide sal op die oordeelsdag opstaan saam met die mense van vandag en teen hulle getuig. Sy het immers van die uithoeke van die aarde af gekom om na die wysheid van Salomo te luister. En hier staan Een wat groter is as Salomo!

³²Die mense van Nineve sal op die oordeelsdag opstaan saam met die mense van vandag en teen hulle getuig. Die mense van Nineve het hulle immers op die prediking van Jona bekeer. En hier staan Een wat groter is as Jona! ”

Die lig van die liggaam (Matt. 5:15; 6:22-23)

³³“'n Mens steek nie 'n lamp op en sit dit dan weg in 'n kelder of onder 'n emmer nie. Nee, jy sit dit op 'n staander, sodat die mense wat binnekom, die lig kan sien.

³⁴Die lamp van jou liggaam is die oog. As jou oog goed is, is jou hele liggaam ook verlig. Maar as jou oog sleg is, is jou hele liggaam ook sonder lig.

³⁵Pas dus op dat die lig in jou nie donker is nie.

³⁶As jou hele liggaam verlig is en nie 'n enkele donker plekkie het nie, sal dit heeltemal verlig wees soos wanneer 'n lamp jou met sy skynsel verlig.”

Jesus bestraf die Fariseërs en die wetgeleerdes (Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 20:45-47)

³⁷Net toe Jesus klaar gepraat het, het 'n Fariseër Hom uitgenooi om by hom te kom eet. Hy het toe in sy huis ingegaan en aan tafel plek ingeneem.

³⁸Die Fariseër was verwonderd toe hy sien dat Jesus nie die gebruik nagekom het om voor die ete eers hande te was nie.

³⁹Maar die Here sê vir hom: “Ja, julle Fariseërs! Julle maak die buitekant van bekere en borde skoon, maar binnekant is julle self vol inhaligheid en gemeenheid.

⁴⁰Julle dwase! Het Hy wat die buitekant gemaak het, nie ook die binnekant gemaak nie?

⁴¹Gee liever wat in die bekere en borde is, vir die armes, dan sal alle dinge vir julle rein wees.

⁴²Maar ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van kruisement en wynruit en elke soort kruie, maar verontagsaam die geregtigheid en die liefde vir God. Juis hierdie dinge moet 'n mens doen en die ander nie nalaat nie.

⁴³“Ellende wag vir julle, Fariseërs, want julle hou van die ereplek in die sinagoges en om op straat eerbiedig begroet te word.

⁴⁴Ellende wag vir julle, want julle is soos onherkenbare grafte waaroor die mense loop sonder om dit te weet.”

⁴⁵Toe sê een van die wetgeleerdes vir Jesus: “Meneer, as u so praat, beledig u ons ook.”

⁴⁶Daarop antwoord Hy: “Julle wetgeleerdes! Ellende wag vir julle ook, want julle laai ondraaglike laste op die mense, en self verroer julle geen vinger om die laste te dra nie.

⁴⁷“Ellende wag vir julle, want julle bou grafmonumente vir die profete, maar julle voorvaders het hulle vermoor.

⁴⁸So bewys julle dat julle die daade van julle voorvaders goedkeur, want hulle het die profete vermoor en julle bou die grafte.

⁴⁹Daarom het Die Wysheid van God gesê: ‘Ek sal profete en apostels na hulle toe stuur, maar hulle sal sommige van hulle doodmaak en ander vervolg.’

⁵⁰So is die huidige geslag dan skuldig aan die bloed van al die profete wat vergiet is van die skepping van die wêreld af:

⁵¹van die bloed van Abel af tot by die bloed van Sagaria, wat tussen die altaar en die tempel doodgemaak is. Ja, Ek sê vir julle, hulle bloed sal van die huidige geslag geëis word!

⁵²“Ellende wag vir julle, wetgeleerdes, want julle het die sleutel van die kennis weggeneem. Self het julle nie ingegaan nie, en dié wat wel wou ingaan, vir hulle het julle verhinder.”

⁵³Toe Hy uit die huis weggaan, het die skrifgeleerdes en die Fariseërs Hom heftig begin aanval. Oor allerlei dinge het hulle aan Hom strikvrae gestel

⁵⁴en fyn opgelet of Hy iets sou sê waarop hulle Hom kon vastrek.

Lukas 12

'n Waarskuwing teen huigelary

(Matt. 16:6; 10:26-27; Mark. 8:15)

¹Die mense het intussen by die duisende saamgedrom en mekaar vertrap. Toe het Jesus begin praat en Hom in die eerste plek tot sy dissipels gerig: “Pas op vir die suurdeeg van die Fariseërs, dit is hulle huigelary.

²Daar is niks bedek wat nie onthul sal word nie, en niks geheim wat nie bekend sal word nie.

³Daarom, alles wat julle in die donker gesê het, sal in die daglig gehoor word; en wat julle agter geslote deure vir iemand in die oor gefluister het, sal van die dakke af uitgebasuin word.”

Wie gevrees moet word

(Matt. 10:28-31)

⁴“Aan julle, my vriende, sê Ek: Moenie bang wees vir dié wat die liggaam doodmaak en daarna niks verder kan doen nie.

⁵Ek sal vir julle sê vir wie julle bang moet wees: vir Hom wat mag het om, ná die dood, in die hel te werp. Ja, Ek sê vir julle, Hóm moet julle vrees.

⁶“Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? Tog word nie een van hulle deur God vergeet nie.

⁷Selfs die hare op julle kop is almal getel. Moenie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.”

Aansporing om Christus te bely

(Matt. 10:32-33; 12:32; 10:19-20)

⁸“Ek sê vir julle: Elkeen wat hom voor die mense openlik vir My uitspreek, vir hom sal die Seun van die mens Hom ook openlik uitspreek voor die engele van God.

⁹Maar hy wat My voor die mense verloën, sal voor die engele van God verloën word.

¹⁰“Elkeen wat teen die Seun van die mens iets sê, kan vergewe word; maar hy wat teen die Heilige Gees laster, kan nie vergewe word nie.

¹¹“Wanneer hulle julle voor sinagoges en owerhede en gesagvoerders bring, moet julle julle nie bekommer oor hoe of waarmee julle julle gaan verdedig of wat julle gaan sê nie,

¹²want die Heilige Gees sal julle op daardie oomblik leer wat gesê moet word.”

Die gelykenis van die ryk dwaas

¹³Iemand uit die menigte sê toe vir Jesus: “Meneer, sê vir my broer hy moet die erfenis met my deel.”

¹⁴Maar Hy antwoord hom: “Man, wie het My as regter of deler vir julle aangestel? ”

¹⁵Toe sê Hy vir hulle: “Pas op en wees op julle hoede vir elke vorm van gierigheid, want 'n mens se lewe is nie afhanklik van die oorvloed van sy besittings nie.”

¹⁶Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: “'n Ryk man se grond het goed gedra.

¹⁷Hy het toe by homself gedink: wat moet ek doen? Ek het nie plek waar ek my oes kan opgaan nie.

¹⁸Toe besluit hy: dit sal ek doen: Ek sal my skure afbreek en groter bou. Daarin sal ek al my graan en my ander goed opgaan.

¹⁹Dan sal ek vir myself sê: ‘Mens, jy het baie goed wat weggesit is vir baie jare. Hou op met werk: eet, drink en leef lekker.’

²⁰Maar God het vir hom gesê: ‘Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaargemaak het?’

²¹So gaan dit met hom wat vir homself skatte vergader en nie ryk is by God nie.”

Die sorg van die lewe

(Matt. 6:25-34; 6:19-21)

²²Verder het Jesus vir sy dissipels gesê: “Daarom sê Ek vir julle: Moet julle nie bekommer oor julle lewe, oor wat julle moet eet nie, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie.

²³Die lewe is tog belangriker as kos en die liggaam as klere.

²⁴Kyk na die kraai: hulle saai nie en oes nie; hulle het geen spens of skuur nie, maar God sorg vir hulle. Julle is tog baie meer werd as voëls.

²⁵Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een uur verleng?

²⁶As julle nie eens so 'n klein dingetjie kan regkry nie, waarom bekommer julle julle oor die ander dinge?

²⁷“Kyk hoe groei die lelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie, maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie.

²⁸As God die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre in die vuur gegooi word, só mooi maak, hoeveel te meer sal Hy julle versorg, julle kleingelowiges!

²⁹Julle moet julle ook nie gedurig afvra wat julle gaan eet of drink nie, en julle moenie besorg wees nie.

³⁰Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges in die wêreld begaan is, maar julle het 'n Vader wat weet dat julle dit nodig het.

³¹Beywer julle vir sy koninkryk, dan sal Hy julle ook hierdie dinge gee.

³²“Moenie bang wees nie, klein kuddetjie, want dit was die wil van julle Vader om die koninkryk aan julle te gee.

³³“Verkoop julle besittings en gee bydraes vir die armes. Skaf vir julle 'n beurs aan wat nie leeg raak nie, 'n onuitputlike rykdom in die hemel, waar geen dief dit kan bykom en geen mot dit kan verniel nie.

³⁴Waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees.”

Die gelykenis van die waaksame slaaf

(Matt. 24:45-51; vgl. Mark. 13:33-37)

³⁵“Wees gereed, die heupe omgord en die lampe aan die brand!

³⁶Julle moet wees soos mense wat vir hulle eienaar wag tot hy van die bruilof af terugkom, sodat hulle dadelik vir hom kan oopmaak as hy kom en aanklop.

³⁷Gelukkig is die slawe vir wie die eienaar by sy koms wakker sal aantref. Dit verseker Ek julle: Hy sal hulle aan tafel laat sit, self 'n voorskoot aansit en hulle kom bedien.

³⁸Gelukkig is die slawe wat hy wakker aantref, selfs al sou hy eers om middernag of met hanekraai kom.

³⁹Maar dit moet julle weet: as die huiseienaar geweet het hoe laat die dief kom, sou hy hom nie in sy huis laat inbreek het nie.

⁴⁰Ook julle moet gereed wees, want die Seun van die mens kom op 'n tyd wanneer julle Hom nie verwag nie.”

⁴¹Toe vra Petrus: “Here, is hierdie gelykenis net vir ons bedoel of vir almal? ”

⁴²En die Here antwoord: “Wie is eintlik die getroue en verstandige bestuurder vir wie die eienaar oor sy ander slawe sal aanstel om hulle op tyd hulle kos te gee?

⁴³Dit is die man vir wie sy eienaar, by sy tuiskoms, so aan die werk sal kry. Gelukkig is hy!

⁴⁴Ek sê vir julle die waarheid: Sy eienaar sal hom aanstel oor alles wat hy besit.

⁴⁵“Maar as die slaaf by homself sê: ‘My eienaar draai lank om te kom,’ en hy die slawe, mans en vroue, begin slaan, terwyl hy self eet en drink en dronk word,

⁴⁶sal die eienaar van die slaaf kom op 'n dag dat hy dit nie verwag nie, en op 'n uur wat hy nie vooraf weet nie. Dan sal sy eienaar hom laat doodmaak, en hom die lot van ontroues laat deel.

⁴⁷“Die slaaf wat geweet het wat sy eienaar wil hê maar wat nie gereed gemaak of volgens die wil van sy eienaar gehandel het nie, sal 'n swaar straf kry.

⁴⁸Maar hy wat nie geweet het nie en dinge gedoen het wat straf verdien, sal 'n ligte straf kry. Van elkeen aan wie baie gegee is, sal baie geëis word; en van hom aan wie baie toevertrou is, sal meer gevra word.”

Jesus die oorsaak van die verdeeldheid

(Matt. 10:34-36)

⁴⁹“Ek het gekom om vuur op die aarde aan te steek, en hoe wens Ek dat dit al aan die brand is!

⁵⁰“Maar daar is 'n doop waarmee Ek gedoop moet word, en dit sal My heeltemal in beslag neem tot dit afgehandel is!

⁵¹Dink julle dat Ek gekom het om vrede op die aarde te bring? Nee, sê Ek vir julle, eerder verdeeldheid,

⁵²want van nou af sal daar vyf mense in een huis onderling verdeeld wees, drie teen twee en twee teen drie.

⁵³Hulle sal verdeeld wees: vader teen seun en seun teen vader, moeder teen dogter en dogter teen moeder, skoonmoeder teen skoondogter en skoondogter teen skoonmoeder.”

Die tekens beoordeel

(Matt. 16:2-3)

⁵⁴Jesus het ook vir die skare gesê: “As julle 'n wolk in die weste sien opkom, sê julle dadelik: ‘Dit gaan reën!’ en dit gebeur ook.

⁵⁵En as die suidewind waai, sê julle: ‘Dit gaan warm word!’ en dit word warm.

⁵⁶Huigelaars! Julle weet hoe om die voorkoms van die aarde en die lug te beoordeel. Hoe is dit dan dat julle nie weet hoe om hierdie tyd te beoordeel nie? ”

Vroegtydige versoening

(Matt. 5:25-26)

⁵⁷“Waarom maak julle nie vir julleself uit wat die regte ding is om te doen nie?

⁵⁸“Terwyl jy saam met jou teenstander op pad is hof toe, moet jy moeite doen om die saak met hom te skik, sodat hy jou nie voor die regter sleep en die regter jou aan die polisie oorgee en die polisie jou in die tronk sit nie.

⁵⁹Ek verseker jou: Jy sal sekerlik nie daar uitkom voordat jy die laaste sent betaal het nie.”

Lukas 13

Bekeer julle

¹Juis in daardie tyd het mense vir Jesus kom vertel van die Galileërs vir wie Pilatus laat doodmaak het waar hulle besig was om hulle offerdiere te slag.

²Toe antwoord Jesus hulle: “Dink julle dat hierdie Galileërs groter sondaars was as al die ander Galileërs omdat dit met hulle gebeur het?

³Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom!

⁴Of daardie agtien wat dood is toe die toring van Siloam op hulle ineengestort het, dink julle dat hulle skuldiger was as al die ander inwoners van Jerusalem?

⁵Nee, sê Ek vir julle, maar as julle julle nie bekeer nie, sal julle net soos hulle ook almal omkom.”

Gelykenis van die onvrugbare vyeboom

⁶Daarna het Hy hierdie gelykenis vertel: “'n Man het 'n vyeboom gehad wat in sy wingerd geplant was. Toe hy vrugte daaraan kom soek maar niks kry nie,

⁷sê hy vir die tuinier: ‘Kyk, dis nou drie jaar dat ek aan hierdie vyeboom vrugte kom soek, en ek kry niks nie. Kap hom uit! Waarom moet hy langer die grond uitput?’

⁸Maar die tuinier antwoord: Meneer, laat hom nog hierdie jaar staan. Ek sal die grond rondom hom omspit en bemes.

⁹Miskien sal hy dan volgende jaar vrugte dra. Maar so nie, kan u hom uitkap.”

Jesus genees 'n gebreklige vrou op die sabbatdag

¹⁰Eenkeer op 'n sabbatdag was Jesus in een van die sinagoges besig om die mense te leer.

¹¹Daar was ook 'n vrou wat al agtien jaar lank gely het onder 'n bese gees wat haar heeltemal verswak het. Sy was krom getrek en kon glad nie meer regop kom nie.

¹²Toe Jesus haar sien, roep Hy haar nader en sê vir haar: “Mevrou, jy is van jou gebrek verlos!”

¹³Toe het Hy haar die hande opgelê, en sy het onmiddellik regop gestaan en God begin prys.

¹⁴Die hoof van die sinagoge was verontwaardig omdat Jesus op die sabbatdag iemand gesond gemaak het. Hy sê toe vir die mense: “Daar is ses dae in die week waarop 'n mens moet werk. Julle moet op een van daardie dae kom om julle te laat gesond maak, nie op die sabbatdag nie.”

¹⁵Toe sê die Here vir hom: “Julle huigelaars! Maak elkeen van julle nie op die sabbatdag sy bees of sy donkie van die krip los en lei hom weg om hom te laat suip nie?

¹⁶En hier is 'n vrou, 'n kind van Abraham, wat werklik al agtien jaar lank deur die Satan gebind is. Mag sy dan nie op die sabbatdag van hierdie band losgemaak word nie?”

¹⁷Deur dit te sê, het Jesus al sy teenstanders laat skaam kry, maar die hele skare was bly oor al die wonderbaarlike dinge wat Hy gedoen het.

Die gelykenisse van die mosterdsaadjie en die suurdeeg

(Matt. 13:31-33; Mark. 4:30-32)

¹⁸Jesus het gesê: “Hoe is die koninkryk van God? Waarmee kan Ek dit vergelyk?

¹⁹Dit is soos 'n mosterdsaadjie wat iemand gevat en in sy tuin geplant het. Dit het gegroei en 'n boom geword, en die voëls het in sy takke kom nes maak.”

²⁰Verder het Hy gesê: “Waarmee kan Ek die koninkryk van God vergelyk?

²¹Dit is soos suurdeeg wat 'n vrou geneem en in twintig kilogram meel ingewerk het totdat dit heeltemal deursuur was.”

Die smal deur

(Matt. 7:13-14,21-23)

²²Terwyl Jesus op pad was Jerusalem toe, het Hy deur stede en dorpe gegaan en oral die mense geleer.

²³Toe vra iemand Hom: “Here, is dié wat gered word, maar min? ”

²⁴Hy sê vir hulle: “Span al julle kragte in om by die smal deur in te gaan. Baie, verseker Ek julle, sal probeer om in te gaan, maar sal dit nie regkry nie.

²⁵“As die eienaar van die huis eers opgestaan en die deur toegesluit het, sal julle buite staan en aan die deur begin klop en roep: ‘Here, maak vir ons oop!’ Maar Hy sal julle antwoord: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie.’

²⁶Dan sal julle sê: ‘Ons het saam met U geëet en gedrink, en op ons strate het U die mense geleer.’

²⁷Maar Hy sal weer vir julle sê: ‘Ek weet nie waar julle vandaan kom nie. Niemand van julle het gedoen wat reg is nie. Maak dat julle van My af wegkom!’

²⁸“Daar sal julle huil en op julle tande kners wanneer julle Abraham en Isak en Jakob en al die profete binne-in die koninkryk van God sal sien, terwyl julle self buitentoe weggejaag word.

²⁹“Daar sal mense uit die ooste en die weste kom, uit die noorde en die suide, en aansit by die feesmaal in die koninkryk van God.

³⁰Onthou net: Daar is laastes wat eerste sal wees, en eerstes wat laaste sal wees.”

Klag oor Jerusalem

(Matt. 23:37-39)

³¹Op daardie selfde oomblik het 'n aantal Fariseërs vir Jesus kom sê: “U moet padgee en na 'n ander plek toe gaan, want Herodes wil u doodmaak.”

³²Maar Hy sê vir hulle: “Gaan sê vir daardie jakkals: ‘Kyk, vandag en môre dryf Ek nog bese geeste uit en maak Ek mense gesond, maar op die derde dag sal Ek my werk klaar maak.’

³³In elk geval moet Ek vandag en môre en oormôre die reis voortsit, want dit is ondenkbaar dat 'n profeet op 'n ander plek as Jerusalem omkom.

³⁴“Jerusalem, Jerusalem! Jy wat die profete doodmaak en die boodskappers stenig wat na jou toe gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke, maar julle wou nie!

³⁵Kyk, nou word julle stad aan julleself oorgelaat. Maar Ek sê vir julle: Julle sal My sekerlik nie sien nie totdat die dag kom wanneer julle sal uitroep: Loof Hom wat in die Naam van die Here kom! ”

Lukas 14

Jesus genees 'n man wat aan water gely het

¹Op 'n sabbatdag toe Jesus na die huis van 'n vooraanstaande Fariseër toe gegaan het om daar te eet, het hulle Hom fyn dopgehou.

²Reg voor Hom was daar 'n man wat aan water gely het.

³Jesus praat toe met die wetgeleerdes en Fariseërs en vra: “Mag 'n mens iemand op die sabbatdag gesond maak of nie? ”

⁴Maar hulle het stilgebly. Toe trek Jesus die sieke nader, maak hom gesond en laat hom gaan.

⁵Daarna sê Hy vir hulle: “Sê nou 'n seun of 'n bees van een van julle val in 'n put, sal hy hom nie dadelik uithaal nie, al is dit op 'n sabbatdag? ”

⁶Hulle kon daar niks op antwoord nie.

Gelykenis oor beskeidenheid en gasvryheid

⁷Toe Jesus merk hoe hulle die voorste plekke aan tafel uitsoek, vertel Hy aan die genooies die volgende gelykenis:

⁸“As iemand jou na 'n bruilof toe uitnoui, moet jy nie sommer op die voorste plek gaan sit nie. Dit kan net wees dat die gasheer iemand uitgenoui het wat belangriker is as jy.

⁹Dan sal hy wat julle albei uitgenoui het, na jou toe kom en sê: ‘Gee bietjie die plek af vir hierdie man.’ Jy sal dan tot jou skande die agterste plek moet gaan inneem.

¹⁰Maar as jy uitgenoui is, gaan sit liever op die agterste plek. Wanneer die gasheer kom, sal hy vir jou kan sê: ‘Vriend, kom sit hier voor.’ Dan sal jy in die agting van al die gaste styg.

¹¹Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word, en elkeen wat nederig is, sal verhoog word.”

¹²Hy het ook vir die gasheer gesê: “As jy in die middag of in die aand 'n maaltyd gee, moet dan nie jou vriende of broers of familie of ryk bure uitnoui sodat hulle jou waarskynlik ook weer uitnoui en jou op dié manier vergoed nie.

¹³Nee, as jy 'n feesmaal gee, nooi dan armes, kreupeles, verlamdes en blindes.

¹⁴Jy kan jou gelukkig ag dat hulle niks het om jou mee te vergoed nie, want God sal jou vergoed by die opstanding van dié wat reg gedoen het.”

Die gelykenis van die groot maaltyd

(Matt. 22:1-10)

¹⁵Een van dié wat saam aan tafel was, het dit gehoor en vir Hom gesê: “Gelukkig is die man wat aan die maaltyd in die koninkryk van God kan deelneem.”

¹⁶Toe sê Jesus vir hom: “Daar was 'n man wat 'n groot maaltyd gegee en baie mense uitgenoui het.

¹⁷Toe die maaltyd gereed was, stuur hy sy slaaf om vir die genooies te sê: ‘Kom, die maaltyd staan klaar.’

¹⁸Maar hulle begin almal, die een na die ander, verskoning maak. Die eerste sê vir hom: 'Ek het 'n stuk grond gekoop en dit is noodsaaklik dat ek uitgaan om daarna te kyk. Ek vra u, verskoon my asseblief.'

¹⁹'n Ander een sê: 'Ek het vyf paar osse gekoop en gaan hulle probeer. Ek vra u, verskoon my asseblief.'

²⁰Nog 'n ander een sê: 'Ek is pas getroud, daarom kan ek nie kom nie.'

²¹"Die slaaf kom toe terug en vertel dit alles aan sy eenaar. Toe word die man kwaad en sê vir sy slaaf: 'Gaan uit na die strate en gangetjies van die stad en bring die armes en kreupeles en blindes en verlamdes hierheen.'

²²Later kom die slaaf sê: 'Meneer, u opdrag is uitgevoer, en daar is nog plek.'

²³Toe sê die man vir die slaaf: 'Gaan uit na die paaie en lanings en dring by hulle daarop aan om in te kom, sodat my huis vol kan word.'

²⁴Dit verseker ek julle: Nie een van die mense wat genooi is, sal sy mond aan my kos sit nie.' "

Die eise van dissipelskap

(Matt. 10:37-38; vgl. Mark. 10:29-30)

²⁵'n Groot menigte het saam met Jesus gereis. Hy draai toe om en sê vir hulle:

²⁶"As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe.

²⁷Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aan kom nie, kan nie my dissipel wees nie.

²⁸"Wie van julle wat 'n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie?

²⁹Anders, as hy die fondament gelê het en nie in staat is om die gebou te voltooi nie, sal almal wat dit sien, met hom die spot begin dryf.

³⁰Hulle sal sê: 'Hier is 'n man wat begin bou het maar nie kon klaar maak nie.'

³¹“Of watter koning wat met 'n ander koning in 'n oorlog betrokke raak, sal nie eers gaan sit en oorweeg of hy met sy tien duisend man sterk genoeg is om die ander een teen te staan wat met twintig duisend teen hom optrek nie?

³²Anders stuur hy 'n afvaardiging om vredesvoorwaardes te vra terwyl die ander een nog ver is.

³³“So kan niemand van julle my dissipel wees as hy nie bereid is om van al sy besittings afstand te doen nie.”

Kragtelose sout
(Matt. 5:13; Mark. 9:50)

³⁴“Sout is 'n goeie ding. Maar as sout verslaan het, waarmee sal dit weer sout gemaak word?

³⁵Dit is nie eers bruikbaar vir die grond of vir die mishoop nie. Hulle gooi dit buitekant weg. Wie ore het om te hoor, moet luister! ”

Lukas 15

Die gelykenis van die verlore skaap
(Matt. 18:12-14)

¹Die tollenaars en sondaars het almal die gewoonte gehad om na Jesus te kom luister.

²Hierteen het die Fariseërs en die skrifgeleerdes beswaar gemaak en gesê: “Hierdie man ontvang sondaars en eet selfs saam met hulle.”

³Toe vertel Jesus vir hulle hierdie gelykenis:

⁴“Sê nou een van julle het honderd skape en een van hulle raak weg. Wat doen hy dan? Hy laat die nege en negentig in die veld staan en gaan agter die een aan wat weg is, totdat hy hom kry.

⁵En as hy hom kry, is hy bly en tel hom op sy skouers.

⁶As hy by die huis kom, roep hy sy vriende en bure bymekaar en sê vir hulle: ‘Wees saam met my bly, want ek het my skaap wat weg was, weer gekry.’

⁷Ek sê vir julle: Net so sal daar ook in die hemel blydschap wees oor een sondaar wat hom bekeer, eerder as oor nege en negentig mense wat reg doen en nie bekering nodig het nie.”

Die gelykenis van die verlore muntstuk

⁸“Of watter vrou wat tien silwermuntstukke het en een raak weg, steek nie 'n lamp op en vee die huis uit en soek sorgvuldig totdat sy dit kry nie?

⁹En as sy dit kry, roep sy haar vriendinne en buurvroue bymekaar en sê: ‘Wees saam met my bly, want ek het my geld wat weggeraak het, weer gekry.’

¹⁰Ek sê vir julle: Net so is daar blydschap onder die engele van God oor een sondaar wat hom bekeer.”

Die gelykenis van die verlore seun

¹¹Verder het Jesus gesê: “Daar was 'n man wat twee seuns gehad het.

¹²Die jongste het vir sy pa gesê: ‘Pa, gee my die deel van die besittings wat my toekom.’ Hy het toe die goed tussen hulle verdeel.

¹³“Nie lank daarna nie het die jongste seun alles tot geld gemaak en van die ouerhuis af na 'n ver land toe vertrek. Daar het hy sy geld verkwis deur losbandig te lewe.

¹⁴Nadat hy alles deurgebring het, het daar 'n kwaai hongersnood in daardie land gekom, en ook hy het begin gebrek ly.

¹⁵Hy het toe sommer by een van die mense van daardie land gaan bly, en dié het hom na sy plaas toe gestuur om varke op te pas.

¹⁶Daar het hy gewens hy kon sy honger stil met die peule wat die varke eet, maar niemand het hom daarvan gegee nie.

¹⁷“Toe kom hy tot inkeer en sê: ‘My pa het wie weet hoeveel dagloners, en hulle het almal oorgenoeg kos, en hier vergaan ek van die honger.

¹⁸Ek sal dadelik na my pa toe teruggaan en vir hom sê: Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig!

¹⁹Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie. Behandel my soos een van Pa se dagloners.'

²⁰En hy het sonder versuim na sy pa toe teruggegaan. "Toe hy nog ver aankom, het sy pa hom al gesien en hom innig jammer gekry. Hy hardloop hom tegemoet, omhels hom en soen hom.

²¹Toe sê die seun vir hom: 'Pa, ek het teen God en teen Pa gesondig. Ek is nie meer werd om Pa se seun genoem te word nie.'

²²Maar sy pa roep sy werksmense: 'Maak gou! Bring klere, die beste, en trek dit vir hom aan; sit vir hom 'n ring aan sy vinger en trek vir hom skoene aan!

²³En bring die vetgemaakte kalf, slag hom, en laat ons eet en feesvier!

²⁴Hierdie seun van my was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ek het hom teruggekry.' Toe het hulle begin feesvier.

²⁵"Sy oudste seun was nog in die veld. Toe hy terugkom en naby die huis was, hoor hy die musiek en die singery.

²⁶Hy roep toe een van die bediendes nader en vra hom wat aan die gang is.

²⁷Die bediende antwoord: 'U broer het gekom, en u pa het die vetgemaakte kalf geslag omdat hy hom behoue en gesond teruggekry het.'

²⁸"Toe het die oudste seun kwaad geword en hy wou nie in die huis ingaan nie. Sy pa gaan toe uit en praat mooi met hom;

²⁹maar hy antwoord: 'Kyk, al die jare werk ek soos 'n slaaf vir Pa. Nog nooit het ek 'n opdrag van Pa verontagsaam nie, en vir my het Pa nog nooit eers 'n bakkie gegee sodat ek saam met my vriende kan feesvier nie.

³⁰Maar nou dat hierdie seun van Pa, wat Pa se goed met prostitute deurgebring het, terugkom, het Pa vir hom die vetgemaakte kalf geslag! '

³¹"Toe sê die pa vir hom: 'Kind, jy is altyd by my, en alles wat ek het, is ook joune.

³²Maar ons kan tog nie anders as om fees te vier en bly te wees nie, want hierdie broer van jou was dood, en hy lewe weer; hy was verlore, en ons het hom teruggekry.’ ”

Lukas 16

Die gelykenis van die oneerlike bestuurder

¹Jesus het vir sy dissipels ook gesê: “'n Ryk man het 'n bestuurder in diens gehad, en dié is by hom aangekla omdat hy sy geld verkwis het.

²Hy ontbied hom toe en sê vir hom: ‘Wat is dit wat ek van jou hoor? Gee verslag van jou bestuur van sake, want jy kan nie langer bestuurder wees nie.’

³Die bestuurder dink toe by homself: wat moet ek nou doen, want my werkgewer neem die bestuurderskap van my af weg. Vir handearbeid sien ek nie kans nie; en om te bedel, skaam ek my.

⁴Maar wag, nou weet ek wat ek sal doen sodat daar mense sal wees wat my in hulle huise sal ontvang as ek uit die bestuurderskap ontslaan is.

⁵Toe roep hy die skuldenaars van sy werkgewer een vir een en vra vir die eerste: ‘Hoeveel skuld jy my werkgewer?’

⁶Hy antwoord: ‘Honderd vate olyfolie.’ Toe sê hy vir hom: ‘Vat jou skuldbewys, gaan sit en skryf gou vyftig.’

⁷Daarna vra hy vir 'n ander een: ‘En jy, hoeveel skuld jy?’ Hy antwoord: ‘Honderd sak koring.’ En hy sê vir hom: ‘Vat jou skuldbewys en skryf tagtig.’

⁸“Die werkgewer het die oneerlike bestuurder geprys vir die slim ding wat hy gedoen het. Die mense van hierdie wêreld tree onder mekaar slimmer op as die mense van die lig.

⁹“En Ek sê vir julle: Gebruik die oneerlike mammon om vir julle vriende te maak sodat wanneer die geld nie meer kan help nie, hulle julle in die ewige wonings sal ontvang.

¹⁰“Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik.

11As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou?

12As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit?

13“Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie.”

Die wet en die koninkryk van God

(Matt. 11:12-13; 5:31-32; Mark. 10:11-12)

14Die Fariseërs was baie lief vir geld en toe hulle al hierdie dinge hoor, het hulle Hom beledigend uitgelag.

15Hy sê toe vir hulle: “Julle is dié wat julle voor die mense as goeie mense voordoen, maar God ken julle harte. Wat deur die mense as belangrik beskou word, is 'n gruwel voor God.

16“Tot op Johannes was dit net die wet en die profete. Van toe af word die koninkryk van God verkondig, en elkeen probeer so hard as hy kan om daar in te kom.

17Tog is dit makliker vir die hemel en die aarde om te vergaan as dat een lettertjie van die wet verval.

18“Elkeen wat van sy vrou skei en met 'n ander een trou, pleeg egbreuk; en iemand wat met 'n geskeide vrou trou, pleeg ook egbreuk.”

Die ryk man en Lasarus

19“Daar was 'n ryk man wat duur en deftige klere gedra en elke dag feestelik en weelderig geleef het.

20-21En daar was 'n arm man met die naam Lasarus wat by die deur van die ryk man gelê het in die hoop dat hy van die oorskiet van die ryk man se tafel te ete sou kry. Hy was oortrek van die swere en selfs die honde het daaraan kom lek.

²²“Toe die arm man te sterwe kom, is hy deur die engele weggedra na die ereplek langs Abraham. Die ryk man het ook gesterwe en is begrawe.

²³Toe hy in die doderyk in pyn verkeer, kyk hy op en sien vir Abraham daar in die verte en vir Lasarus langs hom en hy roep:

²⁴‘Vader Abraham, ontferm u oor my. Stuur tog vir Lasarus dat hy net die punt van sy vinger in water steek en my tong afkoel, want ek ly verskriklik in hierdie vuur.’

²⁵Maar Abraham sê: ‘My kind, onthou dat jy in jou leeftyd altyd die goeie gekry het en Lasarus die slegte. Nou gaan dit hier goed met hom, maar jy word gepynig.

²⁶En buitendien is daar 'n groot kloof tussen ons en julle, sodat dié wat hiervandaan wil oorgaan na julle toe, nie kan nie, en dié wat dáár is, ook nie na ons toe kan oorkom nie.’

²⁷Toe sê hy: ‘Ek smeeek u dan, vader, stuur hom tog na my pa se huis toe.

²⁸Ek het nog vyf broers. Laat hy hulle dringend gaan waarsku sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging beland nie.’

²⁹Maar Abraham sê: ‘Hulle het die woorde van Moses en die profete. Laat hulle daarna luister.’

³⁰Hy antwoord egter: ‘Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dood na hulle toe gaan, sal hulle hulle bekeer.’

³¹Maar hy sê vir hom: ‘As hulle na Moses en die profete nie luister nie, sal hulle nie oortuig word nie al sou iemand uit die dood opstaan.’ ”

Lukas 17

Uitsprake van Jesus

(Matt. 18:6-7,21-22; Mark. 9:42)

¹Jesus het vir sy dissipels gesê: “Dit is onvermydelik dat daar dinge kom wat mense laat struikel. Maar ellende wag vir die mens wat die oorsaak daarvan is.

²So 'n mens kan eerder met 'n groot klip aan die nek in die see gegooi word as dat hy vir een van hierdie kleintjies 'n struikelblok word.

³Wees dus self op julle hoede. “As jou broer verkeerd optree, berispe hom; en as hy berou kry, vergewe hom.

⁴Selfs as hy sewe maal op 'n dag verkeerd optree teen jou en sewe maal na jou toe terugkom en sê: ‘Ek is jammer,’ moet jy hom vergewe.”

⁵Die apostels sê toe vir die Here: “Gee ons meer geloof.”

⁶Maar die Here antwoord: “As julle maar geloof so groot soos 'n mosterdsaadjie gehad het, sou julle vir hierdie moerbeiboom kon sê: ‘Trek jou met wortels en al uit die grond uit en plant jouself in die see,’ en hy sou julle gehoorsaam.

⁷“Sê nou een van julle het 'n slaaf wat ploeg of vee oppas. Sal hy vir die slaaf sê as hy van die veld af inkom: ‘Kom eet eers gou’?

⁸Natuurlik nie! Maar hy sal vir hom sê: ‘Maak vir my iets klaar vir aandete. Sit dan jou voorskoot aan en kom bedien my terwyl ek eet en drink. Daarna kan jy self eet en drink.’

⁹'n Slaaf wat sy opdrag uitgevoer het, word mos nie bedank nie, of hoe?

¹⁰So is dit ook met julle: as julle alles gedoen het wat aan julle opgedra is, sê dan: Ons is slawe wat niks verdien nie. Ons het gedoen wat ons verplig was om te doen.”

Jesus genees tien melaatse mans

¹¹Op sy reis na Jerusalem toe het Jesus al met die grens tussen Samaria en Galilea langs gegaan.

¹²Net toe Hy 'n sekere dorpie wou binnegaan, kom tien melaatse mans Hom tegemoet, maar hulle bly op 'n afstand staan

¹³en roep hard: “Jesus, Here, ontferm U oor ons! ”

¹⁴Toe Hy hulle sien, sê Hy: “Gaan wys julle vir die priesters.” Op pad daarheen het hulle gesond geword.

¹⁵En een van hulle het, toe hy sien dat hy genees is, omgedraai en God hardop geprys.

¹⁶Hy het voor die voete van Jesus neergeval en Hom gedank. Hierdie man was 'n Samaritaan.

¹⁷Toe sê Jesus: “Was daar nie tien wat gesond gemaak is nie? Waar is die ander nege dan?”

¹⁸Is daar niemand anders wat omgedraai het om God die eer te gee behalwe hierdie man wat nie eers 'n Jood is nie? ”

¹⁹En vir hom sê Hy: “Staan op en gaan huis toe. Jou geloof het jou gered.”

Die koms van die koninkryk

(Matt. 24:23-28,37-41)

²⁰Toe die Fariseërs vir Jesus vra wanneer die koninkryk van God dan kom, het Hy hulle geantwoord: “Die koms van die koninkryk van God kan nie uit voortekens bereken word nie.

²¹Hulle sal nie kan sê: ‘Kyk, hier is dit!’ of: ‘Daar is dit!’ nie, want die koninkryk van God is hier by julle.”

²²Daarna sê Hy vir die dissipels: “Daar sal dae kom wanneer julle daarna sal verlang om net een van die dae van die Seun van die mens te sien, maar julle sal dit nie sien nie. Hulle sal wel vir julle sê: ‘Kyk, daar is Hy!’ of: ‘Kyk, hier is Hy!’

²³Maar moenie gaan nie en moenie agter hulle aanloop nie!

²⁴Soos die weerlig wat uitslaan, die hele lugruim van die een kant na die ander verlig, so sal die Seun van die mens kom as die dag van sy koms daar is.

²⁵Maar eers moet Hy baie ly en deur die mense van hierdie tyd verwerp word.

²⁶“Net soos dit in die tyd van Noag gegaan het, so sal dit ook gaan in die tyd van die Seun van die mens:

²⁷hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink en getrou tot op die dag dat Noag in die ark ingegaan het. Toe kom die sondvloed, en dit het hulle almal uitgewis.

²⁸In die tyd van Lot het dit ook net so gegaan: hulle het maar soos gewoonlik geëet en gedrink, gekoop en verkoop, geplant en gebou.

²⁹Maar op die dag toe Lot Sodom verlaat het, het vuur en swael uit die hemel gereën, en dit het almal uitgewis.

³⁰Net so sal dit ook gaan op die dag wanneer die Seun van die mens verskyn.

³¹“Dan moet die man wat op die dakstoep sit, nie ingaan om sy besittings in die huis te gryp nie. Net so moet ook die man wat op die land is, nie omdraai huis toe nie.

³²Onthou wat met die vrou van Lot gebeur het!

³³Elkeen wat sy lewe probeer behou, sal dit verloor, maar elkeen wat dit verloor, sal dit behou.

³⁴Ek sê vir julle: Dan sal twee mense op een bed slaap, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word.

³⁵Twee vroue sal koring maal, die een sal saamgeneem en die ander een agtergelaat word.”

³⁷Toe vra hulle Hom: “Waar, Here? ” Hy sê vir hulle: “Waar aas lê, daar sal aasvoëls ook bymekaarkom.”

Lukas 18

Die gelykenis van die weduwee en die regter

¹Jesus het vir hulle 'n gelykenis vertel om duidelik te maak dat 'n mens altyd moet aanhou bid sonder om moedeloos te word.

²Hy het gesê: “In 'n sekere stad was daar 'n regter wat geen eerbied vir God of agting vir 'n mens gehad het nie.

³En in dieselfde stad het 'n weduwee gewoon wat hom herhaaldelik kom vra het: ‘Doen aan my reg in my saak teen my teenparty.’

⁴'n Tyd lank wou hy nie, maar later het hy vir homself gesê: Vir God het ek wel geen eerbied nie, en aan 'n mens steur ek my nie,

⁵maar aangesien hierdie weduwee so aanhou om my lastig te val, sal ek haar in haar regsak help, anders kom klap sy my op die ou end ook nog.”

⁶Toe sê die Here: “Hoor wat sê die onregverdige regter.

⁷Sal God dan nie aan sy uitverkorenes, wat dag en nag tot Hom roep, reg doen nie? Sal Hy hulle lank laat wag?

⁸Ek sê vir julle: Hy sal hulle help, en gou ook! “Maar sal die Seun van die mens by sy koms nog geloof op die aarde vind? ”

Die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar

⁹Met die oog op mense wat seker was dat hulle eie saak met God reg is en wat op ander neergesien het, het Jesus hierdie gelykenis vertel:

¹⁰“Twee mense het na die tempel toe gegaan om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander een 'n tollenaar.

¹¹Die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: ‘O God, ek dank U dat ek nie soos ander mense is nie: diewe, bedrieërs, egbrekers, en ook nie soos hierdie tollenaar nie.

¹²Ek vas twee keer in die week en ek gee 'n tiende van my hele inkomste.’

¹³“Maar die tollenaar het daar ver bly staan en wou selfs nie na die hemel opkyk nie. Hy het bedroef op sy bors geslaan en gesê: ‘O God, wees my, sondaar, genadig.’

¹⁴“Ek sê vir julle: Hierdie man, en nie die ander een nie, het huis toe gegaan as iemand wie se saak met God reg is. Elkeen wat hoogmoedig is, sal verneder word; en hy wat nederig is, sal verhoog word.”

Jesus en die kindertjies

(Matt. 19:13-15; Mark. 10:13-16)

¹⁵Die mense het ook kindertjies na Jesus toe gebring dat Hy hulle moet aanraak. Toe die dissipels dit sien, het hulle met die mense daarvoor geraas.

¹⁶Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.

¹⁷Dit verseker Ek julle: Wie die koninkryk van God nie soos 'n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie.”

Die ryk jongman

(Matt. 19:16-30; Mark. 10:17-31)

¹⁸'n Man van aansien het aan Jesus die vraag gestel: “Goeie Leermeester, wat moet ek doen om die ewige lewe te verkry? ”

¹⁹Jesus het geantwoord: “Waarom noem jy My goed? Niemand is goed nie, behalwe God alleen.

²⁰Jy ken die gebooie: Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie vals getuienis gee nie, eer jou vader en moeder.”

²¹Maar hy antwoord: “Al hierdie dinge het ek van my kinderdae af onderhou.”

²²Toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hom: “Een ding kom jy nog kort: gaan verkoop alles wat jy het, en deel die geld aan die armes uit. Dan sal jy 'n skat in die hemel hê. Kom dan terug en volg My.”

²³Toe hy dit hoor, was hy diep teleurgesteld, want hy was baie ryk.

²⁴Toe Jesus sien dat hy teleurgesteld is, sê Hy: “Hoe moeilik is dit tog vir mense wat ryk is, om in die koninkryk van God te kom.

²⁵Dit is makliker vir 'n kameel om deur die oog van 'n naald te kom as vir 'n ryke om in die koninkryk van God te kom.”

²⁶Dié wat dit gehoor het, sê toe: “Maar wie kan dan gered word? ”

²⁷Daarop antwoord Hy: “Wat vir die mense onmoontlik is, is vir God moontlik.”

²⁸Toe sê Petrus: “Kyk, óns het van ons besittings afgesien en U gevolg.”

²⁹En Jesus antwoord: “Dit verseker Ek julle: Daar is niemand wat ter wille van die koninkryk van God afgesien het van huis of vrou of broers of ouers of kinders nie,

³⁰of hy ontvang in hierdie tyd al baiekeer soveel terug, en in die tyd wat kom, die ewige lewe.”

Jesus kondig die derde keer sy dood en opstanding aan

(Matt. 20:17-19; Mark. 10:32-34)

³¹Jesus het die twaalf opsy geneem en vir hulle gesê: “Kyk, ons gaan nou Jerusalem toe, en alles wat die profete oor die Seun van die mens geskryf het, sal daar bewaarheid word.

³²Hy sal uitgelewer word aan die heidene; Hy sal bespot en beledig word; hulle sal op Hom spoeg,

³³Hom gesel en Hom daarna doodmaak. En op die derde dag sal Hy uit die dood opstaan.”

³⁴Maar van hierdie dinge het hulle niks begryp nie. Die woorde was vir hulle duister, en hulle het nie verstaan waarom Hy praat nie.

Die blinde man by Jerigo

(Matt. 20:29-34; Mark. 10:46-52)

³⁵Jesus het naby Jerigo gekom. Toe 'n blinde man wat daar langs die pad sit en bedel,

³⁶die groot menigte mense hoor verbyloop, vra hy wat aan die gang is.

³⁷Hulle vertel hom toe: “Jesus van Nasaret gaan hier verby.”

³⁸Toe roep hy uit: “Jesus, Seun van Dawid, ontferm U oor my! ”

³⁹Die mense wat voor geloop het, het hom beveel om stil te bly, maar hy het al hoe harder uitgeroep: “Seun van Dawid, ontferm U oor my! ”

⁴⁰Jesus gaan toe staan en gee bevel dat hy na Hom toe gebring moet word. Toe hy naby kom, vra Jesus vir hom:

⁴¹“Wat wil jy hê moet Ek vir jou doen? ” En hy antwoord: “Here, dat ek kan sien.”

⁴²Jesus sê vir hom: “Goed, jy kan sien! Jou geloof het jou gered.”

⁴³En onmiddellik kon hy sien, en hy het Jesus gevolg en God geprys. Ook al die mense wat dit gesien het, het aan God die eer gegee.

Lukas 19

Jesus en Saggeus

¹Jesus het in Jerigo gekom en was op pad deur die stad.

²Daar was 'n man met die naam Saggeus, die hooftollenaar, 'n ryk man.

³Hy het geprobeer om Jesus te sien, maar weens die skare kon hy nie, omdat hy te kort was.

⁴Hy hardloop toe vooruit en klim in 'n wildevyeboom om Jesus te kan sien, want Hy sou daar verbygaan.

⁵Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: “Saggeus, kom gou af, want Ek moet vandag in jou huis tuis gaan.”

⁶Hy het toe gou afgeklim en Jesus met blydschap ontvang.

⁷Almal wat dit gesien het, het beswaar gemaak en gesê: “Hy gaan by 'n sondige man tuis! ”

⁸Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: “Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug.”

⁹Daarop sê Jesus: “Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom; ook hierdie man is 'n kind van Abraham.

¹⁰Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.”

Die gelykenis van die goue muntstukke

(Matt. 25:14-30)

¹¹Terwyl die mense na Jesus geluister het, het Hy nog 'n gelykenis vertel, aangesien Hy naby Jerusalem was en hulle gedink het die koninkryk van God sou nou enige oomblik kom.

¹²Hy het gesê: “'n Man van adellike afkoms het na 'n ver land toe op reis gegaan om as koning aangestel te word en dan terug te kom.

¹³Vooraf het hy tien van sy slawe geroep en aan hulle tien goue muntstukke gegee en gesê: ‘Dryf handel daarmee totdat ek terugkom.’

¹⁴“Sy landgenote het hom egter gehaat en 'n afvaardiging agterna gestuur om te sê: ‘Ons wil nie hierdie man as koning hê nie.’ Maar hy het tog die koningskap ontvang.

¹⁵“Nadat hy teruggekom het, het hy die slawe aan wie hy die geld gegee het, na hom toe laat roep, sodat hy kon verneem wat hulle met die handeldryf verdien het.

¹⁶Die eerste het vorentoe gekom en gesê: ‘Meneer, u muntstuk het tien muntstukke opgelewer.’

¹⁷Daarop antwoord hy: ‘Mooi so, jy is 'n goeie slaaf. Omdat jy in 'n saak van min belang getrou was, kry jy nou die bestuur oor tien stede.’

¹⁸“Toe kom die tweede slaaf en sê: ‘Meneer, u muntstuk het vyf muntstukke opgelewer.’

¹⁹Aan hierdie een sê hy: ‘En jy kry die bestuur oor vyf stede.’

²⁰“Nog 'n ander het gekom en gesê: ‘Meneer, hier is u muntstuk. Ek het dit in 'n doek gebêre.

²¹Ek was bang vir u, want u is 'n harde man. U eis op wat u nie belê het nie, en oes wat u nie gesaai het nie.’

²²Toe sê hy vir hom: ‘Met jou eie woorde sal ek jou veroordeel. Jy is 'n slegte slaaf! As jy geweet het ek is 'n harde man wat opeis wat ek nie belê het nie, en oes wat ek nie gesaai het nie,

²³waarom het jy dan nie my geld in die bank gesit nie? Dan sou ek dit by my terugkoms darem met rente kon getrek het.’

²⁴Daarop sê hy vir dié wat daar staan: ‘Vat die muntstuk van hom af weg en gee dit vir die een wat die tien muntstukke het.’

²⁵“Hulle sê vir hom: ‘Meneer, hy het dan al tien muntstukke.’ Maar hy antwoord:

²⁶Ek sê vir julle: Aan elkeen wat het, sal meer gegee word, en van hom wat nie het nie, sal ook die bietjie wat hy het, weggevat word.

²⁷En daardie vyande van my wat nie wou hê dat ek hulle koning moet wees nie, bring hulle en maak hulle hier voor my dood! ”

Die intog van Jesus in Jerusalem
(Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Joh. 12:12-19)

²⁸Nadat Jesus hierdie dinge gesê het, het Hy voor hulle uit geloop, op pad na Jerusalem toe.

²⁹Toe Hy naby Betfage en Betanië kom, teen die Olyfberg, stuur Hy twee van sy dissipels vooruit met die opdrag:

³⁰“Gaan na die dorpie toe daar reg voor julle. Net soos julle inkom, sal julle daar 'n jong donkie kry wat vasgemaak staan. Geen mens het nog ooit op hom gery nie. Maak hom los en bring hom hier.

³¹En as iemand vir julle vra: ‘Waarom maak julle hom los? ’ moet julle antwoord: Die Here het hom nodig.”

³²Die twee wat gestuur is, gaan toe en kry alles net soos Hy vir hulle gesê het.

³³Terwyl hulle die donkie losmaak, vra sy eienaars vir hulle: “Waarom maak julle die donkie los? ”

³⁴Hulle antwoord: “Die Here het hom nodig.”

³⁵Toe bring hulle die donkie na Jesus toe. Daarna gooi hulle van hulle klere op sy rug en help Jesus opklim.

³⁶Terwyl Hy aanry, het hulle van hulle klere op die pad oopgegooi.

³⁷Toe Hy naby die stad kom, teen die afdraand van die Olyfberg, het die hele skare juigende volgelinge God uit volle bors begin prys oor al die wonderwerke wat hulle gesien het.

³⁸Hulle het gesing: “Loof die Koning, Hy wat in die Naam van die Here kom! Vrede in die hemel en eer aan God in die hoogste hemel! ”

³⁹'n Paar Fariseërs uit die skare sê toe vir Jesus: “Meneer, maak stil u volgelinge! ”

⁴⁰Maar Hy antwoord: “Ek sê vir julle: As hulle stilbly, sal die klippe uitroep.”

⁴¹Toe Hy nog nader kom en die stad voor Hom sien, het Hy daaroor gehuil

⁴²en gesê: “As jy vandag tog wou insien wat vir jou vrede nodig is! Maar nou is jy blind daarvoor.

⁴³Daar sal dae oor jou kom dat jou vyande vestings teen jou oprig en jou omsingel en jou van alle kante beleër.

⁴⁴Hulle sal jou met die grond gelyk maak en jou inwoners uitwis. Hulle sal in jou nie een klip op die ander laat bly nie, omdat jy die betekenis van die tyd toe God gekom het om jou te red, nie besef het nie.”

Die reiniging van die tempel

(Matt. 21:12-17; Mark. 11:15-19; Joh. 2:13-22)

⁴⁵Jesus het na die tempel toe gegaan en die handelaars begin uitjaag.

⁴⁶Hy het vir hulle gesê: “Daar staan geskrywe: ‘My huis sal 'n huis van gebed wees,’ maar julle het dit 'n rowersnes gemaak.”

⁴⁷Hy was elke dag in die tempel besig om die mense te leer. Intussen het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes, en ook die leiers van die volk, 'n plan gesoek om Hom dood te maak.

⁴⁸Hulle kon egter niks vind wat uitvoerbaar was nie, omdat die hele volk gretig na Hom geluister het.

Lukas 20

Die vraag oor Jesus se gesag

(Matt. 21:23-27; Mark. 11:27-33)

¹Op een van daardie dae, toe Jesus by die tempel besig was om die volk te leer en aan hulle die evangelie te verkondig, het die priesterhoofde en die skrifgeleerdes saam met die familiehoofde nader gestaan

²en Hom gevra: “Sê vir ons, met watter gesag doen u hierdie dinge? Wie is dit wat u hierdie gesag gegee het? ”

³Hy antwoord hulle: “Ek gaan julle ook iets vra, en julle moet My dan sê:

⁴Die doop van Johannes — kom dit van God of van mense af? ”

⁵Hulle redeneer toe onder mekaar: “As ons sê: ‘Van God af,’ sal hy sê: ‘Waarom het julle hom dan nie geglo nie? ’

⁶En as ons sê: ‘Van mense af,’ sal die hele volk ons stenig, want hulle is daarvan oortuig dat Johannes 'n profeet is.”

⁷Toe antwoord hulle dat hulle nie weet waar dit vandaan kom nie.

⁸Daarop sê Jesus vir hulle: “Dan sê Ek ook nie vir julle met watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.”

Die gelykenis van die boere en die wingerd

(Matt. 21:33-46; Mark. 12:1-12)

⁹Verder het Jesus aan die volk hierdie gelykenis vertel: “Daar was 'n man wat 'n wingerd aangeplant en dit aan boere verhuur het. Daarna was hy 'n hele ruk weg van die huis af.

¹⁰Toe dit tyd was daarvoor, stuur hy 'n slaaf na die boere toe om sy deel van die wingerd se opbrengs te gaan haal. Maar die boere het die slaaf geslaan en met leë hande weggejaag.

¹¹Die eienaar het weer geprobeer en 'n ander slaaf gestuur. Maar hulle het hierdie een ook geslaan en uitgeskel en met leë hande weggejaag.

¹²Die eienaar het nog 'n keer geprobeer en 'n derde slaaf gestuur. Hulle het hom geslaan dat die bloed loop, en hom uit die wingerd uitgegooi.

¹³“Toe sê die eienaar van die wingerd: ‘Wat moet ek nou doen? Ek sal my geliefde seun stuur. Miskien sal hulle hom ontsien.’

¹⁴Maar toe die boere hom sien, het hulle onder mekaar geredeneer: ‘Dit is die erfgenaam dié. Kom ons slaan hom dood, dan is die erfenis ons s'n.’

¹⁵Toe gooi hulle hom uit die wingerd uit en slaan hom dood. Wat sal die eienaar van die wingerd dan met hulle doen?

¹⁶Hy sal kom en daardie boere om die lewe bring en die wingerd vir ander mense gee.” Dié wat dit gehoor het, sê toe: “Nee, dit moenie gebeur nie!”

¹⁷Maar Jesus het hulle aangekyk en gesê: “Wat beteken hierdie Skrifwoord dan: “ ‘Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword’?

¹⁸Elkeen wat op hierdie klip val, sal verpletter word; elkeen op wie hy val, sal hy vermorsel.”

¹⁹Die skrifgeleerdes en die priesterhoofde het besef dat Jesus met hierdie gelykenis op hulle gesinspeel het. Daarom wou hulle Hom sommer daar en dan gevange neem, maar hulle was bang vir die volk.

Die vraag oor die betaal van belasting

(Matt. 22:15-22; Mark. 12:13-17)

²⁰Hulle het hulle kans afgewag. Toe stuur hulle geheime agente wat hulle as opreg voorgedoen het, om Jesus op een of ander uitspraak te probeer vastrek sodat hulle Hom aan die owerheidsgesag van die goewerneur kon uitlewer.

²¹Hulle vra Hom toe: “Meneer, ons weet dat u in u prediking en onderrig regsinnig is. U let nie op die aansien van persone nie. U is getrou aan die waarheid, en so maak u die wil van God bekend.

²²Is dit reg dat ons aan die keiser belasting betaal, of is dit nie? ”

²³Maar Jesus het deur hulle slimstreek gesien en vir hulle gesê:

²⁴“Wys vir My 'n muntstuk. Wie se kop en naam is daarop? ” Hulle antwoord: “Die keiser s'n.”

²⁵Toe sê Hy vir hulle: “Nou ja, gee dan aan die keiser wat aan die keiser behoort, en aan God wat aan God behoort.”

²⁶Hulle kon dit nie regkry om Hom voor die volk vas te trek op iets wat Hy gesê het nie. En verwonderd oor sy antwoord, het hulle maar stilgebly.

Die vraag oor die opstanding uit die dood

(Matt. 22:23-33; Mark. 12:18-27)

²⁷'n Aantal Sadduseërs — dit is die mense wat ontken dat daar 'n opstanding uit die dood is — kom toe nader en vra vir Jesus:

²⁸“Meneer, Moses het vir ons voorgeskryf: As iemand 'n getroude broer het wat kinderloos sterwe, moet hy met sy broer se weduwee trou en vir sy broer kinders verwek.

²⁹Nou was daar sewe broers. Die oudste het getrou en kinderloos gesterwe.

³⁰Ook die tweede

³¹en die derde het met die weduwee getrou en kinderloos gesterwe, en so het dit met al sewe gegaan.

³²Daarna het die vrou ook gesterwe.

³³Die vrou nou, wie se vrou word sy met die opstanding? Al sewe het haar mos as vrou gehad.”

³⁴Jesus sê vir hulle: “In hierdie wêreld trou die mense met mekaar,

³⁵maar dié wat waardig geag is om deel te hê aan die toekomstige wêreld en aan die opstanding uit die dood, trou daar nie meer nie.

³⁶Hulle kan ook nie meer sterwe nie; hulle is soos die engele. Hulle is kinders van God, omdat hulle uit die dood opgestaan het.

³⁷Dat die dooies opgewek word, het Moses ook aangedui waar hy in die gedeelte oor die doringbos praat van ‘die Here, die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob’.

³⁸Hy is nie 'n God van dooies nie maar van lewendes, want by Hom leef hulle almal.”

³⁹Toe sê sommige van die skrifgeleerdes: “Meneer, u het goed geantwoord.”

⁴⁰Hulle het nie meer gewaag om Hom 'n enkele vraag te stel nie.

Die vraag oor die seun van Dawid

(Matt. 22:41-46; Mark. 12:35-37)

⁴¹Maar Jesus het vir hulle gevra: “Hoe kan hulle sê dat die Christus die seun van Dawid is?

⁴²Dawid sê tog self in die boek van die Psalms: “Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand

⁴³totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.

⁴⁴“Dawid noem Hom dus ‘Here’; hoe kan Hy dan sy seun wees? ”

Jesus waarsku teen die skrifgeleerdes

(Matt. 23:1-36; Mark. 12:38-40; Luk. 11:37-54)

⁴⁵Terwyl die hele volk na Jesus luister, sê Hy vir sy dissipels:

⁴⁶“Pas op vir die skrifgeleerdes, wat graag met hulle deftige klere aan rondstap. Hulle hou van die begroetings op straat, die voorste banke in die sinagoges en die ereplekke by die maaltye.

⁴⁷Dit is hulle wat die huise van die weduwees inpalm en vir die skyn lang gebede opsê. Hulle sal baie swaar gestraf word.”

Lukas 21

Die klein gawe van die arm weduwee

(Mark. 12:41-44)

¹Jesus het rondgekyk en die rykes hulle gawes in die offergawekis sien gooi.

²Hy sien toe ook 'n arm weduwee twee klein muntstukkies daar ingooi,

³en Hy sê: “Dit verseker Ek julle: Hierdie arm weduwee het meer ingegooi as al die ander.

⁴Hulle het almal iets uit hulle oorvloed in die offergawekis gegooi, maar sy het in haar gebrek alles ingegooi wat sy gehad het om van te lewe.”

Die profetiese rede: die tempel sal afgebreek word

(Matt. 24:1-2; Mark. 13:1-2)

⁵Toe sommige oor die tempel praat, oor die pragtige klippe en gewyde geskenke waarmee dit versier was, sê Jesus:

⁶“Alles wat julle sien — daar sal 'n tyd kom dat nie een klip op die ander gelaat sal word nie. Alles sal afgebreek word.”

Die profetiese rede: rampe en vervolging

(Matt. 24:3-14; Mark. 13:3-13)

⁷Hulle vra Hom toe: “Here, wanneer sal hierdie dinge gebeur en wat is die teken van wanneer dit gaan plaasvind? ”

⁸Hy antwoord: “Pas op dat julle nie mislei word nie, want baie sal onder my Naam kom en sê: ‘Dit is ek!’ en: ‘Die tyd het aangebreek!’ Moenie agter hulle aanloop nie!

⁹Wanneer julle hoor van oorloë en opstande, moenie beangs raak nie, want hierdie dinge moet eers plaasvind, maar dit is nog nie onmiddellik die einde nie.”

¹⁰Verder sê Hy vir hulle: “Die een nasie sal teen die ander te staan kom en die een koninkryk teen die ander.

¹¹Daar sal groot aardbewings wees; hongersnode en epidemies sal op baie plekke voorkom. Daar sal skrikwekkende dinge wees en groot tekens van die hemel af.

¹²“Maar nog voordat dit alles gebeur, sal hulle julle gevange neem en vervolg. Hulle sal julle oorlewer vir verhoor in die sinagoges en vir opsluiting in gevangenis; hulle sal julle voor konings en goewerneurs bring ter wille van my Naam.

¹³Dit sal vir julle 'n geleentheid wees om van My te getuig.

¹⁴Stel julle dus daarop in om julle nie vooraf oor julle verdediging te kwel nie,

¹⁵want Ek sal vir julle die woorde en die wysheid gee wat deur geeneen van julle teenstanders teengesprek of weerlê kan word nie.

¹⁶Julle sal selfs deur julle ouers en broers en familie en vriende verrai word, en hulle sal party van julle doodmaak.

¹⁷En julle sal ter wille van my Naam deur almal gehaat word, maar

¹⁸daar sal selfs nie eens 'n haar van julle kop af val nie.

¹⁹Deur julle volharding moet julle julleself red.”

Die profetiese rede: die verwoesting van Jerusalem

(Matt. 24:15-21; Mark. 13:14-19)

²⁰“Wanneer julle sien dat Jerusalem deur leërs omsingel word, moet julle weet dat sy verwoesting naby is.

²¹Dan moet dié wat in Judea is, die berge in vlug, en dié wat in die stad is, daaruit padgee, en dié wat op die plase is, nie na die stad toe gaan nie,

²²want in daardie dae voltrek God sy straf. Alles wat geskrywe staan, word dan bewaarheid.

²³“Dit sal bitter swaar gaan met die vrouens wat in daardie tyd swanger is en met dié wat nog klein kindertjies het, want daar sal groot nood in die land heers, en God sal hierdie volk straf.

²⁴“Sommige sal deur die swaard val en ander as krygsgevangenes na al die nasies toe weggevoer word. Jerusalem sal deur die heidennasies vertrap word totdat ook hulle tyd verby is.”

Die profetiese rede: die koms van die Seun van die mens

(Matt. 24:29-31; Mark. 13:24-27)

²⁵“Daar sal tekens wees aan son, maan en sterre. Op aarde sal daar radeloosheid onder die volke wees uit angs vir die gebulder van die see en sy vloedgolwe.

²⁶Die mense sal beswyk van vrees en spanning oor die dinge wat oor die hele wêreld aan die kom is, want die kragte van die hemelruim sal ontwrig word.

²⁷En dan sal hulle die Seun van die mens met groot krag en majesteit op 'n wolk sien kom.

²⁸As hierdie dinge begin gebeur, staan dan regop en lig julle kop op, want dan is julle verlossing naby.”

Die profetiese rede: die gelykenis van die vyeboom

(Matt. 24:32-35; Mark. 13:28-31)

²⁹Toe vertel Hy hulle 'n gelykenis: “Let op die vyeboom en al die ander bome.

³⁰Sodra julle sien dat hulle begin uitloop, weet julle vanself dat die somer al naby is.

³¹Net so moet julle ook, wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die koninkryk van God naby is.

³²Dit verseker Ek julle: Nog in die leeftyd van hierdie geslag sal al hierdie dinge gebeur.

³³Die hemel en die aarde sal vergaan, maar my woorde nooit.”

Die profetiese rede: vermaning tot waaksaamheid

³⁴“Wees op julle hoede dat julle gees nie deur onmatige etery en drinkery en deur die sorg van die lewe afgestomp word nie en dat daardie dag julle nie onverhoeds soos 'n vangnet oorval nie.

³⁵Daardie dag sal skielik op al die bewoners van die hele aarde neerkom.

³⁶Maar wees waaksaam en bid altyddeur dat julle die krag kan ontvang om deur al hierdie dinge wat gaan gebeur, behoue deur te kom en om voor die Seun van die mens te verskyn.”

³⁷Bedags was Jesus in die tempel besig om die mense te leer, maar snags het Hy uitgegaan en buite op die Olyfberg vernag.

³⁸In die môre vroeg het die hele volk dan weer in die tempel na Hom kom luister.

Lukas 22

Jesus se dood word beplan

(Matt. 26:1-5,14-16; Mark. 14:1-2,10-11; Joh. 11:45-53)

¹Die fees van die ongesuurde brood, wat pasga genoem word, was naby.

²Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes wou Jesus uit die weg ruim, maar omdat hulle bang was vir die volk, het hulle nog gesoek na 'n manier om dit te doen.

³Die Satan het in Judas, wat Iskariot genoem is en een van die twaalf was, ingevaar.

⁴Hy het toe met die priesterhoofde en die offisiere van die tempelwag gaan praat oor hoe hy Jesus in hulle hande kan laat kom.

⁵Hulle was bly en het ooreengekom om hom daarvoor te betaal.

⁶Hy het ingestem en na 'n geskikte geleentheid gesoek om Jesus te verrai waar die volk nie by is nie.

Die paasmaaltyd word gereed gemaak

(Matt. 26:17-25; Mark. 14:12-21; Joh. 13:21-30)

⁷Die dag van die ongesuurde brood, waarop die paaslam geslag moes word, het aangebreek.

⁸Jesus stuur toe vir Petrus en Johannes vooruit met die opdrag: “Gaan berei die paasmaaltyd vir ons voor dat ons dit kan eet.”

⁹Hulle vra Hom: “Waar wil U hê moet ons dit voorberei? ”

¹⁰Toe antwoord Hy hulle: “Kyk, net soos julle die stad ingaan, sal 'n man wat 'n kruik water dra, julle ontmoet. Gaan saam met hom tot in die huis waar hy ingaan,

¹¹en sê vir die eienaar van die huis: ‘Ons Leermeester vra u: Waar is die kamer waar Ek met my dissipels die paasmaaltyd kan eet? ’

¹²En hy sal julle 'n groot bovertrek wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar moet julle dit voorberei.”

¹³Hulle het gegaan en dit gekry net soos Jesus vir hulle gesê het, en die paasmaaltyd voorberei.

Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:26-30; Mark. 14:22-26; 1 Kor. 11:23-25)

¹⁴Toe dit tyd was, het Jesus aan tafel gegaan en die apostels saam met Hom.

¹⁵Hy sê toe vir hulle: “Ek het baie daarna uitgesien om hierdie paasmaaltyd saam met julle te eet voordat Ek ly.

¹⁶Ek sê vir julle: Ek sal dit nie weer eet voordat dit in die koninkryk van God sy volle betekenis gekry het nie.”

¹⁷Daarna neem Hy 'n beker, spreek die dankgebed uit en sê: “Neem dit en gee dit vir mekaar aan.

¹⁸Ek sê vir julle: Ek sal van nou af nie weer wyn drink voordat die koninkryk van God gekom het nie.”

¹⁹Toe neem Hy brood, spreek die dankgebed uit, breek dit en gee dit vir hulle met die woorde: “Dit is my liggaam wat vir julle gegee word. Gebruik dit tot my gedagtenis.”

²⁰Met die beker na die maaltyd het Hy net so gemaak en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, beseël deur my bloed, wat vir julle vergiet word.

²¹“Maar kyk, die hand van die man wat My verraaï, is saam met Myne hier op die tafel.

²²Met die Seun van die mens sal dit gaan soos dit voorbeskik is, maar wee die man deur wie Hy verraaï word! ”

²³Toe begin hulle mekaar uitvra wie van hulle dit kon wees wat so iets sou doen.

Die ware grootheid

(Vgl. Matt. 20:24-28; Mark. 9:30-37; 10:41-45; Joh. 13:4-5,12-17)

²⁴Daar het onenigheid onder hulle ontstaan oor wie van hulle as die belangrikste beskou moet word.

²⁵Maar Jesus sê vir hulle: “By die nasies is dit so: konings speel oor hulle baas, en dié wat gesag afdwing, laat hulleself weldoeners noem.

²⁶Maar by julle moet dit nie so wees nie. Inteendeel, die belangrikste onder julle moet soos die geringste wees, en die een wat die leier is, soos die een wat dien.

²⁷Wie is die belangrikste: die een wat aan tafel is, of die een wat bedien? Tog hy wat aan tafel is, nie waar nie? Maar Ek is in julle kring soos die een wat dien.

²⁸“Julle is die mense wat in my beproewings altyddeur by My gebly het.

²⁹Net soos my Vader 'n koninkryk aan My bemaak het, so bemaak Ek 'n koninkryk aan julle,

³⁰sodat julle in my koninkryk aan my tafel kan eet en drink en op trone kan sit om oor die twaalf stamme van Israel te regeer.”

Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:31-35; Mark. 14:27-31; Joh. 13:36-38)

³¹“Simon, Simon! ” het Jesus gesê. “Luister! Die Satan het daarop aangedring om julle soos koring te sif.

³²Maar Ek het vir jou gebid dat jou geloof jou nie begewe nie. As jy weer tot inkeer gekom het, moet jy jou broers versterk.”

³³Petrus sê vir Hom: “Here, ek is bereid om saam met U selfs gevangenskap en dood in te gaan.”

³⁴Maar Hy antwoord: “Petrus, Ek sê vir jou: Die haan sal vannag nie kraai voordat jy My drie maal verloën het deur te sê dat jy My nie ken nie.”

Die stryd kom

³⁵Verder het Jesus vir hulle gesê: “Toe Ek julle uitgestuur het sonder beursie en reissak en skoene, het julle iets kortgekom? ” “Nee, niks nie! ” was hulle antwoord.

³⁶Toe sê Hy vir hulle: “Maar nou, wie 'n beursie het, moet dit saamneem, en net so ook 'n reissak. En wie nie 'n swaard het nie, moet van sy klere verkoop en een aanskaf.

³⁷Ek sê vir julle: Die Skrifwoord wat sê: ‘En Hy is as misdadiger beskou,’ moet aan My bewaarheid word, want wat op My betrekking het, gaan nou in vervulling.”

³⁸Hulle sê toe: “Here, kyk hier is twee swaarde.” “Ons laat dit daarby,” antwoord Hy hulle.

Jesus in Getsemane

(Matt. 26:36-46; Mark. 14:32-42)

³⁹Jesus het die stad verlaat en volgens gewoonte Olyfberg toe gegaan, en sy dissipels het Hom gevolg.

⁴⁰Toe Hy op die plek aankom, sê Hy vir hulle: “Bid dat julle nie in versoeking kom nie.”

⁴¹Hy het Hom toe van hulle afgesonder omtrent so ver as 'n mens met 'n klip kan gooi. Daar het Hy gekniel en gebid:

⁴²“Vader, as U wil, neem tog hierdie lydensbeker van My af weg. Laat nogtans nie my wil nie maar u wil geskied! ”

⁴³'n Engel uit die hemel het aan Hom verskyn en Hom versterk.

⁴⁴Hy het in doodsangs geraak en het nog ernstiger gebid. Sy sweet het soos bloeddruppels geword wat op die grond val.

⁴⁵Toe Hy van die gebed opstaan en by die dissipels kom, kry Hy hulle aan die slaap, uitgeput van droefheid.

⁴⁶Hy sê toe vir hulle: “Waarom slaap julle? Staan op en bid, sodat julle nie in versoeking kom nie.”

Jesus word gevange geneem

(Matt. 26:47-56; Mark. 14:43-50; Joh. 18:3-11)

⁴⁷Terwyl Jesus nog praat, kom 'n klomp mense daar aan. Die een wat Judas genoem is, een van die twaalf, het hulle gelei en nader gekom na Jesus toe om Hom te soen.

⁴⁸Maar Jesus sê vir hom: “Judas, verraaï jy die Seun van die mens met 'n soen?”

⁴⁹Toe dié wat saam met Jesus was, sien wat gaan gebeur, vra hulle: “Here, moet ons hulle met die swaard aanval?”

⁵⁰Een van hulle slaan toe na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af.

⁵¹Maar Jesus sê: “Hou op daarmee!” Daarna het Hy die oor aangeraak en hom genees.

⁵²Toe sê Jesus vir die priesterhoofde, die offisiere van die tempelwag en die familiehoofde wat teen Hom opgetrek het: “Trek julle met swaarde en stokke uit soos teen 'n rower?”

⁵³Dag vir dag was Ek saam met julle in die tempel, en julle het nie 'n hand uitgesteek om My te vang nie. Maar nou dat die tyd vir die duistere magte daar is, het julle julle kans.”

Petrus verloën Jesus

(Matt. 26:57-58,69-75; Mark. 14:53-54,66-72; Joh. 18:12-18,25-27)

⁵⁴Hulle het Jesus toe gevange geneem en Hom weggelei en in die huis van die hoëpriester gebring. Petrus het op 'n afstand agterna gekom.

⁵⁵In die middel van die binneplaas was daar 'n vuur, en daar het mense bymekaar gesit. Petrus het tussen hulle gaan sit.

⁵⁶'n Diensmeisie wat hom in die skynsel van die vuur sien sit het, het hom goed bekyk en gesê: “Dié een was ook saam met daardie man.”

⁵⁷Maar Petrus het dit ontken deur te sê: “Juffrou, ek ken Hom nie! ”

⁵⁸'n Rukkie later sien iemand anders hom en sê: “Jy is mos ook een van hulle.” Maar Petrus antwoord: “Man, ek is nie! ”

⁵⁹Na verloop van sowat 'n uur het nog een met beslistheid beweer: “Sowaar, dié een was ook saam met daardie man. Hy is mos ook 'n Galileër! ”

⁶⁰Maar Petrus sê: “Man, ek weet nie waarvan jy praat nie! ” En onmiddellik, terwyl hy nog praat, het daar 'n haan gekraai.

⁶¹Die Here het omgedraai en Petrus aangekyk. Toe val dit Petrus by wat die Here vir hom gesê het: “Voordat die haan vannag kraai, sal jy My drie maal verloën.”

⁶²En Petrus het buitentoe gegaan en bitterlik gehuil.

Jesus word bespot
(Matt. 26:67-68; Mark. 14:65)

⁶³Die manne wat vir Jesus bewaak het, het aangehou om met Hom die spot te dryf en Hom te slaan.

⁶⁴Hulle het Hom geblinddoek en gesê: “Jy is mos 'n profeet! Sê wie het jou geslaan! ”

⁶⁵En nog baie ander godslasterlike dinge het hulle Hom toegesnou.

Jesus voor die Joodse Raad
(Matt. 26:59-66; Mark. 14:55-64; Joh. 18:19-24)

⁶⁶Toe dit dag word, het die Raad van die volk — die priesterhoofde en die skrifgeleerdes — vergader en Jesus voor hulle laat bring.

⁶⁷Hulle sê toe: “As jy die Christus is, sê dit vir ons.” Maar Hy antwoord hulle: “Al sou Ek dit vir julle sê, sal julle tog nie glo nie;

⁶⁸en al sou Ek vir julle 'n vraag stel, sal julle ook nie antwoord nie.

⁶⁹Maar van nou af sal die Seun van die mens aan die regterhand van die almagtige God sit.”

⁷⁰Toe vra hulle almal: “Dan is jy die Seun van God? ” Hy sê vir hulle: “Dit is soos julle sê: Ek is! ”

⁷¹Daarop sê hulle: “Waarvoor het ons dan nog getuienis nodig? Ons het dit mos uit sy eie mond gehoor! ”

Lukas 23

Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:1-2,11-14; Mark. 15:1-5; Joh. 18:28-38)

¹Daarna het die hele vergadering opgestaan en Jesus na Pilatus toe gebring.

²Daar het hulle die aanklag teen Hom begin deur te sê: “Ons het bevind dat hierdie man ons volk ophits: hy belet hulle om aan die keiser belasting te betaal en beweer dat hy die Christus, die koning, is.”

³Pilatus vra Hom toe: “Is jy die koning van die Jode? ” Hy antwoord hom: “Dit is soos u sê.”

⁴Daarop sê Pilatus vir die priesterhoofde en die skare: “Ek vind geen skuld in hierdie man nie.”

⁵Maar hulle het sterker aangedring en gesê: “Die hele Joodse land deur stook hy die volk op met sy leer. Hy het van Galilea af begin en tot hier daarmee gekom.”

Jesus voor Herodes

⁶Toe Pilatus dit hoor, vra hy of die man dan 'n Galileër is.

⁷Nadat hy te wete gekom het dat Jesus uit die magsgebied van Herodes afkomstig was, het hy Hom na Herodes toe gestuur, wat juis in daardie tyd self in Jerusalem was.

⁸Herodes was baie bly om Jesus te sien. Omdat hy soveel van Hom gehoor het, het hy al 'n geruime tyd die begeerte gehad om Hom te sien. Hy het ook gehoop om Hom een of ander wonderwerk te sien doen.

⁹Hy het allerlei vrae aan Hom gestel, maar Jesus het hom niks geantwoord nie.

¹⁰Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes het Hom heftig gestaan en beskuldig.

¹¹Herodes en sy soldate het Hom toe met veragting behandel. Hy het Hom 'n deftige kleed laat omhang, met Hom die spot gedryf en Hom daarna na Pilatus toe teruggestuur.

¹²Op daardie dag het Herodes en Pilatus vriende geword. Voorheen was daar kwaai-vriendskap tussen hulle.

Pilatus lewer Jesus uit om gekruisig te word

(Matt. 27:15-26; Mark. 15:6-15; Joh. 18:39 -- 19:16)

¹³Daarna het Pilatus die priesterhoofde, die lede van die Joodse Raad en die volk bymekaar geroep

¹⁴en vir hulle gesê: “Julle het hierdie man voor my gebring as 'n opruier van die volk. Nou het ek in julle teenwoordigheid die saak ondersoek, en ek het in hierdie man geen grond gevind vir die aanklag wat julle teen hom inbring nie.

¹⁵Herodes het ook nie, want hy het hom na ons toe teruggestuur. Hy het beslis niks gedoen wat die dood verdien nie.

¹⁶Ek sal hom dus laat gesel en dan loslaat.”

¹⁸Maar soos een man het hulle geskreeu: “Weg met hom!”

¹⁹Laat Barabbas vir ons los! ” Barabbas was in die tronk oor 'n opstand in die stad en oor moord.

²⁰Omdat Pilatus vir Jesus wou loslaat, het hy weer met hulle gepraat,

²¹maar hulle het aanhoudend uitgeroep: “Kruisig, kruisig hom!”

²²Die derde keer sê Pilatus vir hulle: “Watter kwaad het die man gedoen? Ek het in hom niks gekry wat die doodstraf regverdig nie. Ek sal hom dus laat gesel en dan loslaat.”

²³Hulle het egter met 'n harde geskreeu aangehou om te eis dat Jesus gekruisig moes word, en met hulle geskreeu het hulle die oorhand gekry.

²⁴Pilatus het toe besluit dat aan hulle eis voldoen moes word.

²⁵Die man wat oor opstand en moord in die tronk was, het hy vrygelaat, soos hulle geëis het, maar vir Jesus het hy uitgelewer, soos hulle wou hê.

Jesus word gekruisig

(Matt. 27:31-44; Mark. 15:21-32; Joh. 19:17-27)

²⁶Terwyl hulle Hom weglei, gryp hulle 'n sekere Simon van Sirene, wat toe net van buite die stad af gekom het, en sit die kruis op hom om dit agter Jesus aan te dra.

²⁷'n Groot menigte van die volk het agter Jesus aan geloop, onder wie ook vroue wat oor Hom getreur en gehuil het.

²⁸Maar Jesus het na hulle toe omgedraai en gesê: “Vroue van Jerusalem, moenie oor My huil nie, huil oor julleself en julle kinders,

²⁹want daar kom dae waarin hulle sal sê: ‘Hoe gelukkig is die onvrugbare vroue en dié wat nooit 'n kind in die wêreld gebring het of gevoed het nie.’

³⁰“Dan sal hulle vir die berge sê: ‘Val op ons!’ en vir die heuwels: ‘Bedek ons!’

³¹“As hulle dit met die groen hout doen, wat sal dan met die droë hout gebeur?”

³²Daar is ook twee ander, albei misdadigers, weggelei om saam met Jesus tereggestel te word.

³³Toe hulle by die plek kom wat Kopbeen genoem word, het hulle Hom daar saam met die misdadigers gekruisig, die een aan sy regter- en die ander een aan sy linkerkant.

³⁴Toe sê Jesus: “Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie!” Hulle het sy klere verdeel deur te loot.

³⁵Die volk het daar gestaan en kyk. Hulle raadslede het Hom ook uitgelag en gesê: “Ander het hy gered. Laat hy homself red as hy die Christus is wat deur God uitverkies is.”

³⁶Ook die soldate het vorentoe gekom en Hom bespot. Hulle het vir Hom suur wyn aangebied

³⁷en gesê: “As jy die koning van die Jode is, red jouself.”

³⁸Daar was ook 'n opskrif bokant Hom: “Dit is die koning van die Jode.”

³⁹Een van die misdadigers wat daar gehang het, het Hom gelaster deur te sê: “Is jy dan nie die Christus nie? Red jouself en ons ook! ”

⁴⁰Maar die ander een het hom tereggewys en gesê: “Is jy nie bang vir God nie? Jy ondergaan tog dieselfde straf as hierdie man!

⁴¹In ons geval is dit regverdig, want ons ontvang die verdiende straf vir ons dade. Maar hierdie man het niks verkeerds gedoen nie.”

⁴²Verder sê hy: “Jesus, dink aan my wanneer U in u koninkryk kom.”

⁴³Jesus antwoord hom: “Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.”

Jesus sterwe

(Matt. 27:45-56; Mark. 15:33-41; Joh. 19:28-30)

⁴⁴Dit was al omtrent twaalfuur, toe kom daar duisternis oor die hele land, en dit het tot drie-uur geduur;

⁴⁵die son het opgehou om te skyn. Die voorhangsel in die tempel het middeldeur geskeur.

⁴⁶Jesus het hard uitgeroep: “Vader, in u hande gee Ek my gees oor.” Na hierdie woorde het Hy die laaste asem uitgeblaas.

⁴⁷Toe die offisier sien wat gebeur het, het hy God geprys en gesê: “Hierdie man was werklik onskuldig.”

⁴⁸Al die mense wat saamgedrom het om na die skouspel te kyk en gesien het wat daar gebeur het, het verslae huis toe gegaan.

⁴⁹Maar al Jesus se vriende, ook die vroue wat Hom van Galilea af gevolg het, het op 'n afstand bly staan. Hulle het al hierdie dinge gesien.

Jesus word begrawe

(Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Joh. 19:38-42)

⁵⁰⁻⁵¹Daar was 'n man met die naam Josef, afkomstig van 'n Joodse dorpie Arimatea. Hy was 'n goeie en opregte man en het die koms van die koninkryk van God verwag. Hoewel hy lid van die Joodse Raad was, het hy nie met hulle besluit en optrede saamgestem nie.

⁵²Hierdie man het na Pilatus toe gegaan en die liggaam van Jesus gevra.

⁵³Nadat hy dit van die kruis afgehaal het, het hy dit in linne toegedraai en in 'n rotsgraf neergelê waarin nog nooit tevore iemand begrawe was nie.

⁵⁴Dit was Vrydag, en die sabbat het al begin aanbreek.

⁵⁵Die vroue wat saam met Jesus van Galilea af gekom het, het saamgeloop en die graf gesien en gekyk hoe sy liggaam neergelê word.

⁵⁶Daarna het hulle huis toe gegaan en reukolie en salf reggemaak. Op die sabbatdag het hulle gerus, soos die gebod bepaal.

Lukas 24

Jesus het opgestaan

(Matt. 28:1-10; Mark. 16:1-8; Joh. 20:1-10)

¹Die Sondagmôre baie vroeg het die vroue na die graf toe gegaan met die reukolie wat hulle reggemaak het.

²Daar kry hulle die klip weggerol van die ingang van die graf af;

³en toe hulle ingaan, het hulle nie die liggaam van die Here Jesus gekry nie.

⁴Hulle het nie geweet wat om daarvan te dink nie. Meteens staan daar by hulle twee manne met blink klere aan.

⁵Die vroue het groot geskrik en met hulle gesig na die grond toe gebuig. Toe sê die manne vir hulle: “Waarom soek julle die Lewende by die dooies?

⁶Hy is nie hier nie. Hy is uit die dood opgewek. Onthou hoe Hy met julle gepraat het toe Hy nog in Galilea was

⁷en gesê het: Die Seun van die mens moet uitgelewer word in die hande van sondige mense, gekruisig word, en op die derde dag opstaan.”

⁸Toe het hulle sy woorde onthou

⁹en van die graf af teruggegaan en al hierdie dinge vir die elf en al die ander vertel.

¹⁰Die vroue was Maria Magdalena en Johanna en Maria die ma van Jakobus. Ook die ander vroue saam met hulle het dieselfde dinge aan die apostels vertel.

¹¹Maar vir hulle het hierdie verhaal na onsin gelyk en hulle het die vroue nie geglo nie.

¹²Petrus het egter opgespring en na die graf toe gehardloop. Toe hy daar vooroor buk, sien hy net die doeke. Vol verwondering oor wat gebeur het, is hy terug huis toe.

Die Emmausgangers

¹³Op dieselfde dag was twee van hulle op pad na 'n dorpie met die naam Emmaus, twaalf kilometer van Jerusalem af.

¹⁴Hulle was in gesprek met mekaar oor al hierdie dinge wat gebeur het.

¹⁵Terwyl hulle so gesels en gedagtes wissel, het Jesus self nader gekom en met hulle saamgeloop,

¹⁶maar hulle oë is verhinder om Hom te herken.

¹⁷Hy vra hulle toe: “Wat is dit wat julle so ernstig met mekaar loop en bespreek? ” Met somber gesigte gaan hulle staan,

¹⁸en een van hulle, met die naam Kleopas, antwoord Hom: “Is u dan die enigste vreemdeling in Jerusalem dat u nie weet van die dinge wat in die afgelope dae daar gebeur het nie? ”

¹⁹Hy vra vir hulle: “Watter dinge? ” Hulle antwoord Hom: “Die dinge in verband met Jesus van Nasaret, 'n profeet wat magtig was in woord en daad voor God en die hele volk;

²⁰en hoe ons priesterhoofde en die lede van ons Raad Hom oorgelewer het om ter dood veroordeel te word, en Hom gekruisig het.

²¹Ons het so gehoop dat dit Hy is wat Israel sou verlos. Maar boonop is dit vandag al die derde dag vandat die dinge gebeur het.

²²En nou het 'n paar vroue uit ons kring ons ook nog ontstel. Hulle was vanmôre vroeg by die graf

²³en kon sy liggaam nie kry nie. Hulle het kom vertel dat hulle 'n verskyning gesien het van engele wat gesê het Hy lewe.

²⁴Sommige van ons mense het ook na die graf toe gegaan en dit net so gekry soos die vroue gesê het, maar Hom het hulle nie gesien nie.”

²⁵Toe sê Hy vir hulle: “Wat 'n gebrek aan begrip en wat 'n traagheid van gees! Glo julle dan nie al die dinge wat die profete gesê het nie?

²⁶Moes die Christus nie hierdie dinge ly om in sy heerlijkheid in te gaan nie? ”

²⁷Daarna het Hy by Moses en al die profete begin en al die Skrifuitsprake wat op Hom betrekking het, vir hulle uitgelê.

²⁸Toe hulle by die dorpie aankom waarheen hulle op pad was, het Hy gemaak of Hy verder wou gaan.

²⁹Hulle het egter by Hom aangedring en gesê: “Bly by ons, want dit is amper aand en die dag is al verby.” Toe het Hy ingegaan om by hulle oor te bly.

³⁰Terwyl Hy saam met hulle aan tafel was, neem Hy die brood, vra die seën, breek dit en gee dit vir hulle.

³¹Toe gaan hulle oë oop, en hulle het Hom herken, maar Hy het uit hulle gesig verdwyn.

³²Hulle sê toe vir mekaar: “Het ons hart nie warm geword toe Hy op die pad met ons gepraat en vir ons die Skrif uitgelê het nie? ”

³³Hulle het dadelik opgestaan en na Jerusalem toe teruggegaan. Daar kry hulle die elf en die ander mense bymekaar,

³⁴en dié sê: “Die Here het regtig opgestaan en Hy het aan Simon verskyn! ”

³⁵Toe vertel hulle wat op die pad gebeur het, en hoe Hy aan hulle bekend geword het toe Hy die brood gebreek het.

Jesus verskyn aan die dissipels

(Matt. 28:16-20; Mark. 16:14-18; Joh. 20:19-23; Hand. 1:6-8)

³⁶Terwyl hulle nog oor hierdie dinge praat, staan Jesus self meteens daar tussen hulle en sê vir hulle: “Vrede vir julle! ”

³⁷Hulle het geweldig geskrik en bang geword en gedink hulle sien 'n gees.

³⁸Hy sê toe vir hulle: “Waarom is julle so verskrik, en waarom kom daar twyfel in julle harte?”

³⁹Kyk na my hande en my voete: dit is tog Ek self. Voel aan My en kyk! 'n Gees het tog nie vleis en bene soos julle sien dat Ek het nie.”

⁴⁰Terwyl Hy dit sê, wys Hy vir hulle sy hande en voete.

⁴¹Toe hulle van blydschap en verwondering nog nie kon glo nie, sê Hy vir hulle: “Het julle hier iets om te eet? ”

⁴²Hulle gee Hom toe 'n stuk gebakte vis.

⁴³Hy het dit gevat en voor hulle oë geëet.

⁴⁴Daarna sê Hy vir hulle: “Dit is die betekenis van die woorde wat Ek vir julle gesê het toe Ek nog by julle was, naamlik dat alles vervul moet word wat in die wet van Moses en in die profete en psalms oor My geskrywe is.”

⁴⁵Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan.

⁴⁶Verder sê Hy vir hulle: “So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan,

⁴⁷en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes aan al die nasies verkondig word, van Jerusalem af en verder.’

⁴⁸Julle is getuies van hierdie dinge.

⁴⁹En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly totdat julle met krag van bo toegerus is.”

Die hemelvaart van Jesus

(Mark. 16:19-20; Hand. 1:9-11)

⁵⁰Daarna het Hy hulle uit die stad uitgelei tot by Betanië. Daar het Hy sy hande opgehef en hulle geseën.

⁵¹Terwyl Hy hulle seën, het Hy van hulle af weggegaan en is Hy in die hemel opgeneem.

⁵²Hulle het Hom aanbid en met groot blydschap na Jerusalem toe teruggegaan.

⁵³Daar het hulle die hele tyd by die tempel gebly en God geprys.

Johannes

Johannes 1

Die Woord het mens geword

¹In die begin was die Woord daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.

²Hy was reeds in die begin by God.

³Alles het deur Hom tot stand gekom: ja, nie 'n enkele ding wat bestaan, het sonder Hom tot stand gekom nie.

⁴In Hom was daar lewe, en dié lewe was die lig vir die mense.

⁵Die lig skyn in die duisternis, die duisternis kon dit nie uitdoof nie.

⁶Daar was 'n man wat deur God gestuur is. Sy naam was Johannes.

⁷Hy het gekom om te getuig; hy moes getuig van die lig, sodat almal deur hom tot geloof kon kom.

⁸Hy was self nie die lig nie, maar hy moes van die lig getuig.

⁹Die ware lig wat elke mens verlig, was aan kom na die wêreld toe.

¹⁰Hy wás in die wêreld — die wêreld het deur Hom tot stand gekom — en tog het die wêreld Hom nie erken nie.

¹¹Hy het na sy eiendom toe gekom, en tog het sy eie mense Hom nie aangeneem nie.

¹²Maar aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word.

¹³Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar hulle is uit God gebore.

¹⁴Die Woord het mens geword en onder ons kom woon. Ons het sy heerlijkheid gesien, die heerlijkheid wat Hy as die enigste Seun van die Vader het, vol genade en waarheid.

¹⁵Johannes getuig van Hom en roep uit: “Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: Hy wat ná my kom, is my vóór, want Hy was voor my reeds daar.”

¹⁶Uit sy oorvloed het ons almal genade op genade ontvang.

¹⁷God het die wet deur Moses gegee; die genade en die waarheid het deur Jesus Christus gekom.

¹⁸Niemand het God ooit gesien nie. Sy enigste Seun, self God, wat die naaste aan die Vader is, dié het Hom bekend gemaak.

Die getuienis van Johannes die Doper

(Matt. 3:1-12; Mark. 1:2-8; Luk. 3:15-17)

¹⁹Die Jode het priesters en Leviëte van Jerusalem af na Johannes toe gestuur om hom te vra: “Wie is jy? ” Toe het hy hierdie getuienis afgelê

²⁰en dit duidelik en ondubbelsinnig gestel en openlik verklaar: “Ek is nie die Christus nie.”

²¹Hulle vra hom toe: “Wie is jy dan? Is jy Elia? ” “Nee, ek is nie,” sê hy. “Is jy dan die Profeet? ” “Nee! ” het hy geantwoord.

²²“Nou maar wie is jy dan? Ons moet 'n antwoord gaan gee aan dié wat ons gestuur het,” sê hulle vir hom. “Wat het jy oor jouself te sê? ”

²³Hy antwoord toe: “Ek is die een wat in die woestyn roep: Maak die pad vir die Here reguit.” Dit is soos die profeet Jesaja gesê het.

²⁴Daar was Fariseërs onder dié wat gestuur is,

²⁵en hulle het vir hom gevra: “Nou maar waarom doop jy dan as jy nie die Christus is nie en ook nie Elia nie en ook nie die Profeet nie? ”

²⁶Johannes het hulle geantwoord: “Ek doop met water, maar tussen julle staan daar Iemand vir wie julle nie ken nie.

²⁷Dit is Hy wat ná my kom, wie se skoene ek nie werd is om los te maak nie.”

²⁸Dit het oorkant die Jordaan in Betanië gebeur, waar Johannes besig was om te doop.

Die Lam van God

²⁹Die volgende dag sien Johannes vir Jesus na hom toe kom. Hy sê toe: “Dáár is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem!

³⁰Dit is Hy wat ek bedoel het toe ek gesê het: ‘Ná my kom daar 'n Man wat my vóór is, want Hy was voor my reeds daar.’

³¹Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar ek het gekom en ek doop met water sodat Hy aan Israel bekend gestel kan word.”

³²Verder het Johannes getuig: “Ek het duidelik die Gees soos 'n duif uit die hemel sien kom, en Hy het op Hom gebly.

³³Ek het self ook nie geweet wie Hy is nie, maar God wat my gestuur het om met water te doop, het vir my gesê: ‘Die Een op wie jy die Gees sien kom en bly, dit is Hy wat met die Heilige Gees doop.’

³⁴Ek het dit self gesien en daarom getuig ek: Hy is die Seun van God.”

Die eerste dissipels

³⁵Die volgende dag het Johannes weer daar gestaan, met twee van sy volgelinge by hom.

³⁶Toe Jesus verbyloop, het Johannes stip na Hom gekyk en gesê: “Dáár is die Lam van God! ”

³⁷Die twee het hom dit hoor sê en hulle het Jesus gevolg.

³⁸Toe Jesus omkyk en sien dat hulle Hom volg, vra Hy vir hulle: “Wat soek julle? ” en hulle het Hom geantwoord: “Rabbi” — dit beteken leermeester — “waar gaan U tuis? ”

³⁹Hy sê toe vir hulle: “Kom saam, dan sal julle sien.” Hulle het toe gegaan en gesien waar Hy tuis gaan. Dit was omtrent vieruur die middag, en hulle het die res van die dag by Hom gebly.

⁴⁰Andreas, die broer van Simon Petrus, was een van die twee wat dit van Johannes gehoor en Jesus gevolg het.

⁴¹Daarna het hy eers sy broer Simon gaan soek en vir hom gesê: “Ons het die Messias gekry! ” Messias beteken Christus.

⁴²Hy het hom na Jesus toe gebring. Jesus het stip na hom gekyk en gesê: “Jy is Simon seun van Johannes; jy sal Sefas genoem word.” Sefas beteken dieselfde as Petrus.

Filippus en Natanael

⁴³Die volgende dag het Jesus besluit om na Galilea toe te gaan. Hy kry toe vir Filippus en sê vir hom: “Volg My! ”

⁴⁴Filippus was van Betsaida afkomstig, van dieselfde dorp as Andreas en Petrus.

⁴⁵Filippus kry toe vir Natanael en sê vir hom: “Ons het Hom gekry van wie Moses in die wet geskrywe het en van wie die profete ook geskrywe het. Dit is Jesus van Nasaret, die seun van Josef.”

⁴⁶Maar Natanael sê vir hom: “Kan daar uit Nasaret iets goeds kom? ” “Kom kyk,” het Filippus hom geantwoord.

⁴⁷Toe Jesus vir Natanael na Hom toe sien aankom, sê Hy van hom: “Hier is 'n ware Israeliet, 'n man in wie daar geen bedrog is nie.”

⁴⁸Natanael vra Hom toe: “Waarvandaan ken U my? ” “Voordat Filippus jou geroep het,” antwoord Jesus hom, “toe jy nog onder die vyeboom was, het Ek jou al gesien.”

⁴⁹Toe roep Natanael uit: “Rabbi, U is die Seun van God; U is die Koning van Israel! ”

⁵⁰Daarop sê Jesus vir hom: “Glo jy omdat Ek vir jou gesê het dat Ek jou onder die vyeboom gesien het? Jy sal nog groter dinge as dit sien.”

⁵¹Verder sê Jesus vir hom: “Dit verseker Ek julle: Julle sal die hemel oop sien en julle sal die engele van God sien op- en afklim na die Seun van die mens toe.”

Johannes 2

Die bruilof in Kana

¹Op die derde dag was daar 'n bruilof in Kana in Galilea, en die moeder van Jesus was daar.

- ²Jesus en sy dissipels is ook na die bruilof toe genooi.
- ³Toe die wyn opraak, sê Jesus se moeder vir Hom: “Hulle het nie meer wyn nie.”
- ⁴Maar Hy sê vir haar: “Waarom sê u dit vir My? My tyd het nog nie gekom nie.”
- ⁵Sy moeder sê toe vir die kelners: “Wat Hy ook al vir julle sê, moet julle doen.”
- ⁶Daar het ses klipkanne gestaan vir water wat die Jode by hulle reiniging gebruik het. Elkeen het tussen negentig en honderd liter gehou.
- ⁷Jesus sê toe vir die kelners: “Maak die kanne vol water.” Hulle het dit tot bo toe volgemaak.
- ⁸Toe sê Hy vir hulle: “Skep nou daarvan uit en gaan gee dit vir die seremoniemeester.” Hulle het dit gedoen.
- ⁹Die seremoniemeester het nie geweet waar dit vandaan kom nie, maar die kelners wat die water uitgeskep het, het geweet. Toe die seremoniemeester die water proe wat wyn geword het, roep hy die bruidegom
- ¹⁰en sê vir hom: “'n Mens sit gewoonlik eers die goeie wyn voor, en as die mense goed gedrink het, dié van swakker gehalte; maar jy het die goeie wyn tot nou toe teruggehou.”
- ¹¹Hierdie eerste wonderteken het Jesus in Kana in Galilea gedoen. Hy het daardeur sy heerlikheid laat blyk, en sy dissipels het tot geloof in Hom gekom.
- ¹²Hierna het Hy, sy moeder, sy broers en sy dissipels na Kapernaum toe gegaan, maar hulle het nie baie lank daar gebly nie.

Die reiniging van die tempel

(Matt. 21:12-13; Mark. 11:15-17; Luk. 19:45-46)

- ¹³Die paasfees van die Jode was naby, en Jesus het daarvoor na Jerusalem toe gegaan.
- ¹⁴Op die tempelplein het Hy die verkopers van beeste, skape en duiwe gekry en die geldwisselaars wat daar sit.

¹⁵Toe het Hy met toutjies 'n sweep gemaak en almal uit die tempel uitgejaag, ook die skape en die beeste. Die geld van die geldwisselaars het Hy op die grond gegooi en hulle tafels omgekeer.

¹⁶Vir die mense wat die duiwe verkoop het, het Hy gesê: “Vat hierdie goed hier weg! Moenie die huis van my Vader 'n besigheidsplek maak nie.”

¹⁷Toe het sy dissipels daaraan gedink dat daar geskrywe staan: “Die liefde vir u huis verteer my.”

¹⁸Maar die Jode het Hom aangespreek en vir Hom gesê: “Met watter wonderteken kan u vir ons bewys dat u hierdie dinge mag doen? ”

¹⁹Jesus het hulle geantwoord: “Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig.”

²⁰Die Jode sê toe: “Ses en veertig jaar lank is daar aan hierdie tempel gebou, en u sal hom in drie dae oprig? ”

²¹Met “hierdie tempel” het Hy egter sy liggaam bedoel.

²²Later, nadat Hy uit die dood opgewek is, het sy dissipels daaraan gedink dat Hy dit gesê het, en hulle het die Skrif en die woorde van Jesus geglo.

Jesus ken die mens

²³Terwyl Jesus vir die viering van die paasfees in Jerusalem was, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom toe hulle die wondertekens sien wat Hy doen.

²⁴Maar Hy het Hom nie op hulle verlaat nie, omdat Hy geweet het hoe hulle almal is.

²⁵Hy het nie nodig gehad dat iemand Hom iets van 'n mens vertel nie, want Hy het self geweet hoe mense is.

Johannes 3

Jesus en Nikodemus

¹Daar was 'n man met die naam Nikodemus. Hy het aan die party van die Fariseërs behoort en was 'n lid van die Joodse Raad.

²Een nag het hy na Jesus toe gekom en vir Hom gesê: “Rabbi, ons weet dat u 'n leermeester is wat van God af gekom het, want niemand kan hierdie wondertekens doen wat u doen, as God nie by hom is nie.”

³Daarop sê Jesus vir hom: “Dít verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie.”

⁴Nikodemus vra Hom toe: “Hoe kan 'n mens gebore word as hy al 'n ou man is? Hy kan tog nie 'n tweede keer in sy moeder se skoot kom en gebore word nie? ”

⁵Jesus het geantwoord: “Dit verseker Ek jou: As iemand nie uit water en Gees gebore word nie, kan hy nie in die koninkryk van God kom nie.

⁶Wat uit die mens gebore is, is mens; en wat uit die Gees gebore is, is gees.

⁷Moenie verbaas wees dat Ek vir jou gesê het: Julle moet opnuut gebore word nie.

⁸Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit met elkeen wat uit die Gees gebore is.”

⁹Nikodemus vra Hom toe: “Maar hoe is dit moontlik? ”

¹⁰En Jesus antwoord hom: “Jy is die bekende leermeester van Israel en jy verstaan dit nie?

¹¹Dit verseker Ek jou: Ons praat oor wat ons weet, en ons getuig oor wat ons gesien het, en tog aanvaar julle nie ons getuienis nie.

¹²Ek het julle van die aardse dinge vertel en julle glo dit nie, hoe sal julle glo as Ek vir julle van die hemelse vertel?

¹³Niemand op die aarde was al in die hemel nie behalwe Hy wat uit die hemel gekom het, naamlik die Seun van die mens.

¹⁴Moses het die slang in die woestyn hoog op 'n paal gesit; so moet die Seun van die mens verhoog word,

¹⁵sodat elkeen wat in Hom glo, die ewige lewe kan hê.

¹⁶“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

¹⁷God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

¹⁸Wie in Hom glo, word nie veroordeel nie; wie nie glo nie, is reeds veroordeel omdat hy nie in die enigste Seun van God glo nie.

¹⁹En so kom die skeiding: die lig het na die wêreld toe gekom, en tog het die mense eerder die duisternis as die lig liefgehad, want hulle dade was sleg.

²⁰Elkeen wat kwaad doen, haat immers die lig en kom nie na die lig toe nie, sodat sy dade nie aan die kaak gestel moet word nie.

²¹Maar wie volgens die waarheid handel, kom na die lig toe, sodat dit duidelik kan blyk dat sy dade in gehoorsaamheid aan God gedoen is.”

Johannes die Doper getuig van Jesus

²²Hierna het Jesus en sy dissipels na die platteland van Judea toe gegaan. Hulle het 'n rukkie daar gebly en mense gedoop.

²³Johannes was ook besig om te doop, by Enon naby Salim, waar daar baie water was. Die mense het na hom toe gekom en is deur hom gedoop.

²⁴Johannes was nog nie in die tronk gesit nie.

²⁵Daar het toe tussen Johannes se volgelinge en 'n Jood 'n woordewisseling ontstaan oor die reiniging.

²⁶Hulle het na Johannes toe gekom en vir hom gesê: “Rabbi, Hy wat oorkant die Jordaan by u was, van wie u getuig het, weet u, Hy doop ook, en almal gaan na Hom toe.”

²⁷Johannes het hulle geantwoord: “Niemand besit enige bevoegdheid om iets te doen as dit nie uit die hemel aan hom gegee is nie.

²⁸Julle is self my getuies dat ek gesê het: ‘Ek is nie die Christus nie. Ek is maar net voor Hom uit gestuur.’

²⁹Die bruidegom is die een aan wie die bruid behoort; maar die vriend van die bruidegom staan en luister of hy kom en is baie bly wanneer hy die stem van die bruidegom hoor. Daarom is ek nou met blydschap vervul.

³⁰Hy moet meer word en ek minder.

³¹“Hy wat van bo af kom, is bo almal; hy wat van die aarde is, hoort by die aarde en praat die taal van die aarde. Hy wat uit die hemel kom, is bo almal.

³²Wat Hy gesien en gehoor het, dít getuig Hy, en tog aanvaar niemand sy getuienis nie.

³³Wie sy getuienis aanvaar het, het daardeur bevestig dat God geloofwaardig is.

³⁴God het Hom immers gestuur, en Hy spreek die woorde van God, want God gee Hom sy Gees sonder enige beperking.

³⁵Die Vader het die Seun lief en het alles in sy hand gegee.

³⁶Wie in die Seun glo, het die ewige lewe; wie egter aan die Seun ongehoorsaam is, sal die lewe nie sien nie, maar die straf van God bly op hom.”

Johannes 4

Jesus en die Samaritaanse vrou

¹Die Fariseërs het gehoor dat Jesus meer dissipels maak en doop as Johannes.

—

²Eintlik was dit nie Jesus wat gedoop het nie, maar sy dissipels. —

³Toe Jesus dit verneem, het Hy Judea verlaat en weer na Galilea toe gegaan.

⁴Hy moes deur Samaria gaan.

⁵Hy kom toe by 'n dorp in Samaria met die naam Sigar, naby die stuk grond wat Jakob aan sy seun Josef gegee het.

⁶Die fontein van Jakob was daar, en Jesus het toe, omdat Hy moeg was van die reis, sommer by die fontein gaan sit. Dit was omtrent twaalfuur die middag.

⁷Daar kom toe 'n Samaritaanse vrou water haal, en Jesus vra vir haar: “Gee My 'n bietjie water om te drink.”

⁸Sy dissipels was intussen weg dorp toe om te gaan kos koop.

⁹Die Samaritaanse vrou sê toe vir Hom: “Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink? ” Die Jode en die Samaritane gaan immers nie met mekaar om nie.

¹⁰Jesus het haar geantwoord: “As jy geweet het wat God gee, en wie dit is wat vir jou sê: ‘Gee My 'n bietjie water om te drink,’ sou jy Hom gevra het, en Hy sou vir jou lewende water gegee het.”

¹¹Die vrou sê toe vir Hom: “Meneer, jy het nie eens 'n skepding nie, en die put is diep. Waar gaan jy die lewende water vandaan kry?

¹²Jy is tog nie tot meer in staat as ons voorvader Jakob wat hierdie put vir ons gegee het en self saam met sy seuns en sy diere daaruit gedrink het nie? ”

¹³Maar Jesus antwoord haar: “Elkeen wat van hierdie water drink, sal weer dors kry;

¹⁴maar wie van die water gedrink het wat Ek hom sal gee, sal in alle ewigheid nooit dors kry nie. Nee, die water wat Ek hom sal gee, sal in hom 'n fontein wees met water wat opborrel en vir hom die ewige lewe gee.”

¹⁵Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, gee vir my van daardie water, sodat ek nie weer dors sal kry en hier hoef te kom water haal nie.”

¹⁶Hy sê toe vir haar: “Gaan roep jou man en kom terug hierheen.”

¹⁷Die vrou het Hom geantwoord: “Ek het nie 'n man nie.” En Jesus sê vir haar: “Dis reg wat jy nou gesê het: ‘Ek het nie 'n man nie.’

¹⁸Jy het reeds vyf gehad, en die een wat jy nou het, is nie jou man nie. Jy het die waarheid gepraat.”

¹⁹Die vrou het vir Hom gesê: “Meneer, ek sien dat u 'n profeet is.

²⁰Ons voorouers het God op hierdie berg aanbid, en tog sê julle die plek waar 'n mens God moet aanbid, is in Jerusalem.”

²¹Jesus sê toe vir haar: “Glo My, Mevrou, daar kom 'n tyd wanneer julle die Vader nie op hierdie berg en ook nie in Jerusalem sal aanbid nie.

²²Julle aanbid sonder om te weet wat julle aanbid; ons weet wat ons aanbid, want die verlossing kom uit die Jode.

²³Maar daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader deur die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader wil juis hê dat die mense wat Hom aanbid, dit so moet doen.

²⁴God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom deur die Gees en in waarheid aanbid.”

²⁵Die vrou het vir Hom gesê: “Ek weet dat die Messias kom, Hy wat ook die Christus genoem word. Wanneer Hy kom, sal Hy alles aan ons bekend maak.”

²⁶Toe sê Jesus vir haar: “Dit is Ek, Ek wat met jou praat.”

Die Samaritane glo in Jesus

²⁷Net toe het sy dissipels teruggekom en hulle was verbaas dat Hy met 'n vrou praat. Tog het niemand vir haar gevra: “Wat wil jy hê? ” of vir Hom: “Waarom praat U met haar? ” nie.

²⁸Die vrou het toe haar waterkruik net daar laat staan en na die dorp toe gegaan en vir die mense gesê:

²⁹“Kom kyk, hier is 'n man wat my alles vertel het wat ek gedoen het. Is Hy nie miskien die Christus nie? ”

³⁰Die mense het toe uit die dorp uit na Jesus toe begin kom.

³¹Intussen het sy dissipels by Hom aangedring: “Rabbi, eet tog 'n stukkjie.”

³²Maar Hy sê vir hulle: “Ek het voedsel om te eet waarvan julle nie weet nie.”

³³Die dissipels sê toe vir mekaar: “Sou iemand dalk vir Hom iets te ete gebring het? ”

³⁴Maar Jesus het vir hulle gesê: “My voedsel is om die wil te doen van Hom wat My gestuur het, en om sy werk te voltooi.

³⁵Sê julle nie: ‘Nog vier maande, dan is die oes daar’ nie? Maar Ek sê vir julle: Kyk daar, kyk na die lande; hulle is ryp vir die oes.

³⁶Nou al ontvang die man wat oes, sy loon en samel hy die oes in vir die ewige lewe. So is die een wat saai, en die een wat oes, saam bly.

³⁷Hier is die gesegde waar: ‘Die een saai, en die ander een maai.’

³⁸Ek het julle gestuur om 'n oes in te samel waaraan julle nie gearbei het nie. Ander het gearbei, en julle pluk die vrug van hulle arbeid.”

³⁹Baie van die Samaritane in daardie dorp het tot geloof in Jesus gekom op grond van die woorde van die vrou wat getuig het: “Hy het my alles vertel wat ek gedoen het.”

⁴⁰Toe die Samaritane by Hom kom, het hulle by Hom daarop aangedring om by hulle te bly. Hy het twee dae daar gebly.

⁴¹Nog baie meer van hulle het toe tot geloof in Hom gekom op grond van wat Hy gesê het;

⁴²en hulle het vir die vrou gesê: “Ons glo nie meer op grond van wat jy vertel het nie, want ons het self na Hom geluister, en ons weet dat Hy waarlik die Verlosser van die wêreld is.”

Die genesing van die regeringsamptenaar se seun

(Vgl. Matt. 8:5-13; Luk. 7:1-10)

⁴³Ná die twee dae het Jesus daarvandaan na Galilea toe gegaan.

⁴⁴Hy het self verklaar dat 'n profeet nie in sy eie land geëer word nie,

⁴⁵maar toe Hy in Galilea kom, het die Galileërs Hom verwelkom. Hulle het alles gesien wat Hy gedurende die feesvierings in Jerusalem gedoen het, want hulle was self ook by die paasfees.

⁴⁶Jesus het toe weer na Kana in Galilea toe gegaan, waar Hy die water wyn gemaak het. In Kapernaum was daar 'n sekere regeringsamptenaar wie se seun siek was.

⁴⁷Toe hy hoor dat Jesus uit Judea na Galilea toe gekom het, het hy na Hom toe gegaan en Hom gevra om te kom en sy seun gesond te maak, want hy het op sterwe gelê.

⁴⁸Jesus sê toe vir hom: “As julle nie tekens en wonders sien nie, glo julle eenvoudig nie.”

⁴⁹En toe sê die amptenaar vir Hom: “Here, kom tog voordat my kindjie sterwe.”

⁵⁰Maar Jesus sê vir hom: “Gaan maar huis toe, jou seun lewe.” Die man het geglo wat Jesus vir hom gesê het, en gegaan.

⁵¹Toe hy nog op pad was, het sy werksmense hom al tegemoet gegaan en vertel dat sy kind lewe.

⁵²Hy vra hulle toe presies wanneer hy begin beter word het, en hulle antwoord hom: “Gistermiddag eenuur het die koors hom verlaat.”

⁵³Die pa het toe besef dat dit op dieselfde oomblik was waarop Jesus vir hom gesê het: “Jou seun lewe.” En hy en sy hele huisgesin het tot geloof in Jesus gekom.

⁵⁴Dit was die tweede wonderteken wat Jesus gedoen het nadat Hy weer uit Judea na Galilea toe gekom het.

Johannes 5

Die genesing op die sabbatdag by Betesda

¹Hierna was daar weer 'n fees van die Jode, en Jesus het daarvoor Jerusalem toe gegaan.

²By die Skaappoort in Jerusalem was daar 'n bad met die Hebreeuse naam Betesda. Dit het vyf pilaargange gehad,

³waar daar baie gestremdes gelê het: blindes, kreupeles en lammes.

⁵Onder hulle was daar 'n sekere man wat al ag en dertig jaar lank siek was.

⁶Jesus het hom sien lê en het geweet dat hy al baie lank siek was. Toe vra Hy vir hom: “Wil jy gesond word? ”

⁷Die sieke het Hom geantwoord: “Meneer, ek het niemand om my in die bad te sit as die water in beweging kom nie; en terwyl ek aansukkel, gaan iemand anders voor my in.”

⁸Jesus sê toe vir hom: “Staan op, tel jou goed op en loop.”

⁹Oombliklik het die man gesond geword, sy goed opgetel en geloop. Dit was 'n sabbatdag.

¹⁰Die Jode sê toe vir die man wat genees is: “Dit is 'n sabbatdag; jy mag nie jou goed dra nie.”

¹¹Maar hy antwoord hulle: “Die man wat my gesond gemaak het, het vir my gesê: Tel jou goed op en loop.”

¹²Hulle vra hom toe: “Wie is die man wat vir jou gesê het: Tel jou goed op en loop? ”

¹³Die man wat gesond geword het, het egter nie geweet wie dit was nie, want Jesus het ongemerk weggegaan omdat daar 'n klomp mense op die plek was.

¹⁴Later kry Jesus hom in die tempel en sê vir hom: “Kyk, jy is nou gesond. Moet nou nie meer sonde doen nie, sodat daar nie iets ergers met jou gebeur nie.”

¹⁵Die man het vir die Jode gaan vertel dat dit Jesus is wat hom gesond gemaak het.

¹⁶Die Jode het toe teen Jesus te velde getrek omdat Hy dit op 'n sabbatdag gedoen het.

¹⁷Maar Jesus het Hom teen hulle verweer: “My Vader werk tot nou toe, en Ek werk ook.”

Die Seun maak lewend

¹⁸Hieroor het die Jode nog des te meer probeer om Jesus dood te maak: Hy het nie net die sabbatdag ontheilig nie, maar God ook sy eie Vader genoem en Hom so met God gelyk gestel.

¹⁹Toe het Hy Hom verweer en vir hulle gesê: “Dít verseker Ek julle: Die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen maar net wat Hy die Vader sien doen; wat die Vader ook al doen, doen die Seun ook net so.

²⁰Die Vader het die Seun lief en wys Hom alles wat Hy doen; en Hy sal Hom nog groter daade as hierdie wys, sodat julle verbaas sal staan.

²¹Soos die Vader die dooies opwek en lewend maak, so maak die Seun ook lewend wie Hy wil.

²²Self veroordeel die Vader niemand nie, maar die oordeel het Hy geheel en al aan die Seun oorgelaat.

²³Daarom moet almal die Seun eer net soos hulle die Vader eer. Wie nie die Seun eer nie, eer ook nie die Vader wat Hom gestuur het nie.

²⁴“Dit verseker Ek julle: Wie luister na wat Ek sê, en in Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe. Hy word nie veroordeel nie, maar het reeds uit die dood na die lewe oorgegaan.

²⁵Ek verseker julle: Daar kom 'n tyd, en dit is nou, wanneer die dooies die stem van die Seun van God sal hoor, en dié wat daaraan gehoor gee, sal lewe.

²⁶Soos die Vader die lewe in Homself het, het Hy die lewe ook aan die Seun gegee om dit in Homself te hê.

²⁷Hy het Hom ook volmag gegee om te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.

²⁸Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor

²⁹en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word.”

Die getuienis oor Jesus

³⁰“Uit my eie kan Ek niks doen nie: Ek oordeel soos Ek dit van die Vader hoor, en my oordeel is regverdig, omdat dit nie my wil is wat Ek nastrewe nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

- ³¹“As net Ek oor Myself getuig, is my getuienis nie geldig nie.
- ³²Daar is ook Iemand anders wat oor My getuig, en Ek weet dat die getuienis wat Hy oor My aflê, waar is.
- ³³“Julle het 'n afvaardiging na Johannes toe gestuur, en wat hy getuig het, is die waarheid.
- ³⁴Nie dat Ek op die getuienis van 'n mens steun nie, maar Ek noem dit sodat julle gered kan word.
- ³⁵Hy was die lamp wat gebrand en geskyn het, en julle was gewillig om julle 'n rukkie in sy lig te verheug.
- ³⁶“Maar Ek het getuienis wat nog gewigtiger is as dié van Johannes. Die werk wat die Vader My gegee het om te voltooi en waarmee Ek nou juis besig is, lê oor My getuienis af en bevestig dat die Vader My gestuur het.
- ³⁷En die Vader wat My gestuur het, het ook oor My getuienis afgelê. Sy stem het julle nog nooit gehoor nie en sy gestalte ook nie gesien nie.
- ³⁸En sy woord lewe nie werklik in julle nie, omdat julle nie in die Een glo wat Hy gestuur het nie.
- ³⁹Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig.
- ⁴⁰Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie.
- ⁴¹“Ek is nie gesteld op die eer wat mense bewys nie,
- ⁴²maar Ek ken julle en Ek weet dat julle nie liefde vir God in julle het nie.
- ⁴³Ek het in die Naam van my Vader gekom, en tog aanvaar julle My nie. As iemand anders in sy eie naam kom, sal julle hom aanvaar.
- ⁴⁴Hoe kan julle ook in My glo terwyl julle gesteld is op die eer wat julle van mekaar ontvang en nie die eer soek wat van die enigste God af kom nie?
- ⁴⁵Moenie dink dat Ek julle by die Vader sal aankla nie; dit is Moses, op wie julle julle hoop gevestig het, wat vir julle aankla.

⁴⁶As julle Moses geglo het, sou julle in My geglo het, want hy het van My geskrywe.

⁴⁷Maar as julle sy geskrifte nie glo nie, hoe sal julle my woorde glo? ”

Johannes 6

Die vermeerdering van die brood (Matt. 14:13-21; Mark. 6:30-44; Luk. 9:10-17)

¹Hierna het Jesus na die oorkant van die See van Galilea toe gegaan, wat ook die See van Tiberias genoem word.

²'n Groot klomp mense het agter Hom aan gekom omdat hulle die wondertekens gesien het wat Hy aan die siekes gedoen het.

³Jesus het toe teen die berg opgegaan en met sy dissipels daar gaan sit.

⁴Die paasfees van die Jode was naby.

⁵Toe Jesus rondkyk en sien dat 'n groot klomp mense na Hom toe aankom, sê Hy vir Filippus: “Waar kan ons brood gaan koop sodat die mense kan eet? ”

⁶Dit het Hy net gesê om hom op die proef te stel, want Hy het self goed geweet wat Hy gaan doen.

⁷Filippus antwoord Hom toe: “Twee honderd mense se dagloon is nie eers genoeg om elkeen van hulle 'n stukkie brood te laat kry nie.”

⁸'n Ander dissipel, Andreas, die broer van Simon Petrus, sê toe vir Hom:

⁹“Hier is 'n seuntjie met vyf garsbrode en twee vissies; maar wat is dit vir so baie mense? ”

¹⁰Toe sê Jesus: “Laat die mense gaan sit.” Daar was baie gras op daardie plek en die mense het gaan sit. Die mans alleen was omtrent vyf duisend.

¹¹Daarna het Jesus die brood geneem, God daarvoor gedank en dit uitgedeel aan die mense wat daar gesit het, en net so ook soveel van die vis as wat hulle wou hê.

¹²Nadat die mense versadig was, sê Hy vir sy dissipels: “Maak die stukke bymekaar wat oorgebly het sodat daar niks verlore gaan nie.”

¹³Hulle het dit toe bymekaargemaak. Daar was twaalf mandjies vol met die stukke wat van die vyf garsbrode oorgebly het nadat die mense klaar geëet het.

¹⁴Toe die mense die wonderteken sien wat Jesus gedoen het, het hulle gesê: “Hy is werklik die Profeet, die Een wat na die wêreld toe moes kom.”

¹⁵Toe Jesus merk dat hulle Hom met geweld wil kom koning maak, het Hy verder die berg op gegaan, Hy alleen.

Jesus loop op die see

(Matt. 14:22-33; Mark. 6:45-52)

¹⁶Toe dit aand word, het Jesus se dissipels na die see toe gegaan,

¹⁷in 'n skuit geklim en weggevaar na Kapernaum toe, oorkant die see. Dit was al donker en Jesus was nog steeds nie by hulle terug nie.

¹⁸Daarby het die see onstuimig geword, omdat daar 'n sterk wind gewaai het.

¹⁹Toe hulle sowat vyf of ses kilometer geroei het, sien hulle Jesus op die see loop en naby die skuit kom, en hulle het bang geword.

²⁰Maar Hy sê vir hulle: “Dit is Ek; moenie bang wees nie.”

²¹Hulle was toe gewillig om Hom in die skuit te neem, en daarna het die skuit by die land aangekom waarheen hulle op pad was.

Die brood uit die hemel

²²Die mense wat oorkant die see was, het gesien dat daar net een skuitjie is en geweet dat Jesus nie saam met sy dissipels in die skuit geklim het nie, maar dat hulle alleen weggevaar het. Die volgende dag

²³kom daar toe ander skuitjies van Tiberias af aan naby die plek waar die mense die brood geëet het nadat die Here daarvoor gedank het.

²⁴Toe die mense sien dat Jesus nie daar is nie en sy dissipels ook nie, het hulle in die skuitjies geklim en na Kapernaum toe gevaar op soek na Jesus.

²⁵En toe hulle Hom oorkant die see kry, vra hulle vir Hom: “Rabbi, wanneer het u hierheen gekom? ”

²⁶Jesus antwoord hulle: “Dít verseker Ek julle: Julle soek My, nie omdat julle die wondertekens gesien het nie, maar omdat julle van die brood geëet en versadig geword het.

²⁷Julle moet nie werk vir die voedsel wat vergaan nie, maar vir die voedsel wat nie vergaan nie en wat ewige lewe gee. Dit sal die Seun van die mens vir julle gee, want God die Vader het Hom die mag daartoe verleen.”

²⁸Hulle vra Hom toe: “Wat moet ons doen om te doen wat God van ons verlang?”

²⁹En Jesus antwoord hulle: “Wat God van julle verlang, is dat julle moet glo in Hom wat Hy gestuur het.”

³⁰Hulle sê toe vir Hom: “Watter wonderteken kan u doen sodat ons dit kan sien en in u kan glo? Wat gaan u doen?”

³¹Ons voorouers het manna in die woestyn geëet, soos daar geskrywe staan: Hy het aan hulle brood uit die hemel gegee om te eet.”

³²Jesus het hulle geantwoord: “Dít verseker Ek julle: Dit is nie Moses wat vir julle die brood uit die hemel gegee het nie, maar dit is my Vader wat vir julle die ware brood uit die hemel gee.

³³Die brood wat God gee, is Hy wat uit die hemel kom en aan die wêreld die lewe gee.”

³⁴Hulle sê toe vir Hom: “Meneer, gee ons tog altyd hierdie brood.”

³⁵Maar Jesus sê vir hulle: “Ek is die brood wat lewe gee. Wie na My toe kom, sal nooit weer honger kry nie, en wie in My glo, sal nooit weer dors kry nie.

³⁶Maar wat julle betref, Ek het reeds gesê: Julle sien My, en tog glo julle nie in My nie.

³⁷“Elkeen wat die Vader vir My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit verwerp nie.

³⁸Ek het van die hemel af gekom nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

³⁹En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie een verlore sal laat gaan nie, maar hulle almal op die laaste dag uit die dood sal laat opstaan.

⁴⁰Dit is die wil van my Vader: dat elkeen wat die Seun sien en in Hom glo, die ewige lewe sal hê; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.”

Die Jode verstaan nie Jesus se woorde nie

⁴¹Die Jode het gemor omdat Hy gesê het: “Ek is die brood wat uit die hemel gekom het.”

⁴²Hulle het gesê: “Is dit nie Jesus die seun van Josef nie? Ons ken mos sy pa en ma. Hoe kan hy nou sê: Ek kom uit die hemel? ”

⁴³Jesus sê toe vir hulle: “Moenie so onder mekaar mor nie.

⁴⁴Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie na My toe trek nie; en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.

⁴⁵By een van die profete staan daar geskrywe: ‘En hulle sal almal mense wees wat deur God geleer is.’ Elkeen wat na die Vader geluister en van Hom geleer het, kom na My toe.

⁴⁶Dit wil nie sê dat iemand anders al die Vader gesien het nie; net Hy wat van God af kom, Hy het die Vader gesien.

⁴⁷“Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, het die ewige lewe.

⁴⁸Ek is die brood wat lewe gee.

⁴⁹Julle voorouers het in die woestyn manna geëet en tog gesterwe.

⁵⁰Maar hier is die brood wat uit die hemel kom sodat 'n mens daarvan kan eet en nie sterwe nie.

⁵¹Ek is die lewende brood wat uit die hemel gekom het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy ewig lewe. En die brood wat Ek sal gee, is my liggaam. Ek gee dit sodat die wêreld kan lewe.”

⁵²Die Jode het toe onder mekaar begin stry en gesê: “Hoe kan hy sy liggaam vir ons gee om te eet? ”

⁵³Maar Jesus sê vir hulle: “Dit verseker Ek julle: As julle nie die liggaam van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle nie die lewe in julle nie.

⁵⁴Wie my liggaam eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan.

⁵⁵My liggaam is die ware voedsel, en my bloed is die ware drank.

⁵⁶Wie my liggaam eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

⁵⁷Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur Hom lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.

⁵⁸Hierdie brood wat uit die hemel gekom het, is nie soos die manna wat julle voorouers geëet het nie. Hulle het dit geëet en tog gesterwe. Wie hierdie brood eet, sal ewig lewe.”

⁵⁹Dit het Jesus gesê toe Hy die mense in die sinagoge in Kapernaum geleer het.

Ongeloof en geloof onder die dissipels van Jesus

⁶⁰Toe hulle dit hoor, het baie van Jesus se dissipels gesê: “Wat Hy nou sê, is darem te erg. Wie kan daaraan gehoor gee? ”

⁶¹Jesus het vanself geweet dat sy dissipels hieroor mor, en Hy sê vir hulle: “Skrik dit julle af?

⁶²Wat dan nog as julle die Seun van die mens sien opvaar na waar Hy voorheen was?

⁶³Dit is die Gees wat iemand lewend maak; die mens self kan dit nie doen nie. Wat Ek vir julle gesê het, kom van die Gees en gee lewe.

⁶⁴Maar daar is party van julle wat nie in My glo nie.” Jesus het immers van die begin af geweet wie dit is wat nie glo nie, en wie dit is wat Hom sou verrai.

⁶⁵Verder het Hy gesê: “Daarom het Ek vir julle gesê niemand kan na My toe kom as die Vader dit nie aan hom gegee het nie.”

⁶⁶Hieroor het baie van sy dissipels omgedraai huis toe en nie meer saam met Hom gegaan nie.

⁶⁷Toe vra Jesus vir die twaalf: “Wil julle nie ook weggaan nie?”

⁶⁸Simon Petrus het Hom geantwoord: “Here, na wie toe sal ons gaan? U het die woorde wat ewige lewe gee.

⁶⁹En ons glo vas en ons weet dat U die Heilige van God is.”

⁷⁰Jesus het daarop vir hulle gesê: “Het Ek nie self julle twaalf uitgekies nie? En een van julle is 'n duiwel!”

⁷¹Hy het Judas die seun van Simon Iskariot bedoel, want hy sou Hom verraaï, hy wat een van die twaalf was.

Johannes 7

Die ongeloof van Jesus se broers

¹Hierna het Jesus in Galilea rondgegaan. In Judea wou Hy dit nie doen nie, omdat die Jode daar Hom wou doodmaak.

²Maar die huttefees van die Jode was naby.

³Jesus se broers sê toe vir Hom: “Gaan 'n bietjie hiervandaan na Judea toe dat jou dissipels daar ook die wonderdade kan sien wat jy doen.

⁴'n Mens wat oral bekend wil wees, doen nie iets in die geheim nie. Aangesien jy dan hierdie dinge doen, maak jou openlik aan die wêreld bekend.”

⁵Selfs sy broers het nie in Hom geglo nie.

⁶Jesus sê toe vir hulle: “Vir My het die tyd nog nie gekom nie, maar vir julle is enige tyd reg.

⁷Die wêreld kan vir julle nie haat nie; maar hy haat My, omdat Ek openlik verklaar dat sy dade sleg is.

⁸Gaan julle maar fees toe. Ek gaan nie na hierdie fees toe nie, omdat die tyd vir My nog nie reg is nie.”

⁹Dit het Hy vir hulle gesê, en Hy het daar in Galilea gebly.

Jesus leer die mense by die huttefees

¹⁰Nadat Jesus se broers na die huttefees toe vertrek het, het Hy self tog ook gegaan, nie openlik nie maar onopvallend.

¹¹Die Jode het toe by die fees na Hom gesoek en gevra: “Waar is hy? ”

¹²Onder die feesmenigte is daar baie oor Hom gefluister. Party mense het gesê: “Hy is 'n goeie man.” Maar ander het gesê: “Nee, hy mislei die mense.”

¹³Tog het niemand openlik oor Hom gepraat nie, omdat hulle bang was vir die Jode.

¹⁴Toe die feestyd al halfpad verby was, het Jesus na die tempel toe gegaan en die mense daar geleer.

¹⁵Die Jode was verbaas en het gesê: “Waar kom hy aan die geleerdheid? Hy het dan geen opleiding gehad nie! ”

¹⁶Jesus het vir hulle gesê: “Wat Ek die mense leer, kom nie van Myself af nie, maar van Hom wat My gestuur het.

¹⁷As iemand gewillig is om die wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat.

¹⁸Wie uit sy eie praat, soek sy eie eer; maar Hy wat die eer soek van die Een wat Hom gestuur het, is geloofwaardig, en daar is niks oneerliks in Hom nie.

¹⁹Het Moses nie die wet vir julle gegee nie? En tog hou nie een van julle die wet nie. Waarom wil julle My dan doodmaak? ”

²⁰“Jy is van die duiwel besete! ” het die mense uitgeroep. “Wie wil jou doodmaak? ”

²¹Jesus het toe verder vir hulle gesê: “Julle is almal ontsteld oor een ding wat Ek gedoen het.

²²Omdat Moses die besnydenis vir julle gegee het — en eintlik kom dit nie eens van Moses af nie, maar van die aartsvaders — besny julle ook op 'n sabbatdag.

²³As iemand op 'n sabbatdag die besnydenis mag ontvang om nie die wet van Moses te verbreek nie, waarom is julle dan vir My kwaad omdat Ek op 'n sabbatdag iemand se hele liggaam gesond gemaak het?

²⁴Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig.”

Jesus is die Christus

²⁵Intussen het party van die inwoners van Jerusalem gesê: “Is dit nie die man vir wie hulle wil doodmaak nie?

²⁶En hier praat hy nou in die openbaar, en hulle sê niks teen hom nie. Het die lede van die Joodse Raad miskien werklik tot die oortuiging gekom dat hy die Christus is?

²⁷Ons weet tog waar hierdie man vandaan kom; maar wanneer die Christus kom, sal niemand weet waar Hy vandaan kom nie.”

²⁸Terwyl Jesus die mense in die tempel leer, het Hy uitgeroep: “Ja, julle ken My, en julle weet ook waar Ek vandaan kom. En tog het Ek nie uit my eie gekom nie, maar dit is die ware God wat My gestuur het, en vir Hom ken julle nie.

²⁹Ek ken Hom, omdat Ek van Hom af kom en Hy My gestuur het.”

³⁰Hulle wou Hom toe gevange neem, en tog het niemand dit gedoen nie, omdat sy tyd nog nie gekom het nie.

³¹Maar baie van die mense het tot geloof in Hom gekom en het gesê: “Wanneer die Christus kom, sal Hy tog seker nie meer wondertekens doen as wat hierdie man gedoen het nie? ”

Jesus sê dat Hy weggaan

³²Die Fariseërs het gehoor wat die mense oor Hom fluister, en hulle en die priesterhoofde het wagte gestuur om Hom gevange te neem.

³³Jesus sê toe: “Nog net 'n kort tydjie is Ek by julle, en dan gaan Ek terug na Hom toe wat My gestuur het.

³⁴Julle sal My soek en My nie kry nie, want waar Ek dan is, kan julle nie kom nie.”

³⁵Toe sê die Jode vir mekaar: “Waarheen sou hy van plan wees om te gaan dat ons hom nie sal kry nie? Hy is tog nie van plan om na die Griekssprekende Jode in die buiteland te gaan en die Grieke daar te leer nie?

³⁶Wat bedoel hy met die woorde: Julle sal My soek en My nie kry nie, want waar Ek dan is, kan julle nie kom nie? ”

Strome lewende water

³⁷Op die laaste dag, die groot dag van die huttefees, het Jesus daar gestaan en uitgeroep: “As iemand dors het, laat hy na My toe kom en drink!

³⁸Met die een wat in My glo, is dit soos die Skrif sê: Strome lewende water sal uit sy binneste vloei.”

³⁹Hiermee het Hy na die Gees verwys, want die mense wat tot geloof in Hom kom, sou die Gees ontvang. Die Gees was nog nie uitgestort nie, omdat Jesus toe nog nie verheerlik was nie.

Meningsverskil oor Jesus

⁴⁰Party van die mense wat hierdie woorde gehoor het, het gesê: “Hy is werklik die Profeet.”

⁴¹Party het gesê: “Hy is die Christus.” Maar party het gesê: “Die Christus kom tog nie uit Galilea nie?

⁴²Die Skrif sê mos die Christus kom uit die nageslag van Dawid en uit Betlehem, die dorp waar Dawid was.”

⁴³Daar het toe verdeeldheid oor Hom onder die mense gekom.

⁴⁴Party van hulle wou Hom gevange neem, maar niemand het dit gedoen nie.

Die ongeloof van die Joodse leiers

⁴⁵Daarna het die wagte na die priesterhoofde en die Fariseërs toe teruggegaan, en dié het vir hulle gevra: “Waarom het julle hom nie gebring nie? ”

⁴⁶Die wagte het geantwoord: “Nog nooit het iemand gepraat soos hierdie man nie.”

⁴⁷Die Fariseërs sê toe vir hulle: “Is julle tog nie ook mislei nie?

⁴⁸Het een van die lede van die Joodse Raad miskien in hom geglo, of een van die Fariseërs?

⁴⁹Nee, dit is net hierdie vervloekte klomp mense wat nie ons wet ken nie! ”

⁵⁰Nikodemus, wat voorheen na Jesus toe gekom het en wat een van hulle was, sê toe vir hulle:

⁵¹“Volgens ons wet kan ons mos nie sommer iemand veroordeel sonder om eers sy kant van die saak te hoor en vas te stel wat hy doen nie.”

⁵²Hulle sê toe vir hom: “Jy kom tog nie ook van Galilea af nie? Ondersoek die Skrif en jy sal sien dat God niemand wat uit Galilea kom, as profeet roep nie.”

Die vrou wat op owerspel betrap is

⁵³Hierna is hulle elkeen na sy huis toe,

Johannes 8

¹maar Jesus het na die Olyfberg toe gegaan.

²Die volgende môre vroeg was Hy weer in die tempel en die hele volk het na Hom toe gekom. Hy het gaan sit en hulle geleer.

³Die skrifgeleerdes en die Fariseërs bring toe 'n vrou wat op owerspel betrap is, en laat haar in die middel van die kring mense staan.

⁴Hulle het vir Hom gesê: “Meneer, hierdie vrou is op heter daad betrap waar sy owerspel gepleeg het.

⁵Moses het ons in die wet beveel om sulke vrouens te stenig, maar u, wat sê u?”

⁶Dit het hulle gevra om Hom uit te lok, sodat hulle iets kon kry waaroor hulle Hom kon aankla. Maar Jesus het gebuk en met sy vinger op die grond geskrywe.

⁷Toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy regop gekom en vir hulle gesê: “Laat die een van julle wat 'n skoon gewete het, eerste 'n klip op haar gooi.”

⁸Daarna het Hy weer gebuk en op die grond geskrywe.

⁹Toe hulle hoor wat Hy sê, het hulle een vir een begin wegloop, die familiehoofde eerste. Jesus is alleen agtergelaat saam met die vrou daar in die middel van die kring mense.

¹⁰Toe het Hy regop gekom en vir haar gevra: “Mevrou, waar is hulle? Het nie een van hulle die oordeel oor jou voltrek nie? ”

¹¹“Niemand nie, Here,” sê sy. Toe sê Jesus: “Ek doen dit ook nie. Gaan maar en moet van nou af nie meer sonde doen nie.”

Die Vader getuig ook oor Jesus

¹²Op 'n ander keer het Jesus vir die mense gesê: “Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal nooit in die duisternis lewe nie, maar sal die lig hê wat lewe gee.”

¹³Die Fariseërs sê toe vir Hom: “Jy getuig oor jouself; jou getuienis is dus nie geldig nie.”

¹⁴Daarop sê Jesus vir hulle: “Al getuig Ek ook oor Myself, is my getuienis geldig, omdat Ek weet waar Ek vandaan gekom het en waarheen Ek teruggaan. Maar julle weet nie waar Ek vandaan kom of waarheen Ek gaan nie.

¹⁵Julle oordeel oor iemand volgens sy uiterlike; Ek oordeel oor niemand nie.

¹⁶En as Ek oor iemand oordeel, is my oordeel reg, omdat dit nie Ek alleen is nie, maar Ek en die Vader wat My gestuur het.

¹⁷In julle wet staan daar geskrywe dat die getuienis van twee persone geldig is.

¹⁸Nou ja, oor My getuig Ek self én die Vader wat My gestuur het.”

¹⁹Toe vra hulle vir Hom: “En waar is die vader van jou? ” Jesus het geantwoord: “Julle ken My nie en ook nie my Vader nie. As julle My geken het, sou julle my Vader ook geken het.”

²⁰Hierdie dinge het Hy gesê in die vertrek waar die offergawekiste gestaan het. Hy was toe besig om die mense in die tempel te leer. En tog het niemand Hom gevange geneem nie, omdat sy tyd nog nie gekom het nie.

Die Jode ken Jesus nie

²¹Verder het Jesus vir hulle gesê: “Ek gaan weg, en julle sal My soek, maar julle sal in julle sonde sterwe. Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie.”

²²Die Jode het toe gesê: “Gaan hy dalk selfmoord pleeg, dat hy sê: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie? ”

²³Toe sê Hy vir hulle: “Julle is van hier onder; Ek is van daar bo. Julle behoort tot hierdie wêreld; Ek behoort nie tot hierdie wêreld nie.

²⁴Daarom het Ek vir julle gesê julle sal in julle sondes sterwe, want as julle nie glo dat Ek is wat Ek is nie, sal julle in julle sondes sterwe.”

²⁵Hulle vra Hom toe: “Wie is jy? ” Jesus het hulle geantwoord: “Waarom praat Ek eintlik nog met julle?

²⁶Ek kan baie dinge oor julle sê en 'n oordeel oor julle uitspreek; maar Hy wat My gestuur het, is geloofwaardig, en net wat Ek by Hom gehoor het, sê Ek vir die wêreld.”

²⁷Hulle het nie begryp dat Hy met hulle van die Vader gepraat het nie.

²⁸Daarna sê Jesus vir hulle: “Eers wanneer julle die Seun van die mens verhoog het, sal julle begryp dat Ek is wat Ek is, en dat Ek niks uit my eie doen nie, maar net verkondig wat die Vader My geleer het.

²⁹Hy wat My gestuur het, is by My. Hy het My nie alleen gelaat nie, omdat Ek altyd doen wat Hy wil.”

³⁰Terwyl Hy hierdie dinge gesê het, het daar baie mense tot geloof in Hom gekom.

God is nie hulle Vader nie

³¹Toe sê Jesus vir die Jode wat in Hom glo: “As julle aan my woorde getrou bly, is julle waarlik my dissipels;

³²en julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vry maak.”

³³Hulle het Hom geantwoord: “Ons is die nageslag van Abraham en was nog nooit iemand se slawe nie. Hoe kan jy sê: ‘Julle sal vry word’? ”

³⁴Jesus sê toe vir hulle: “Dít verseker Ek julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde.

³⁵'n Slaaf bly nie vir altyd by 'n huisgesin nie; 'n seun bly vir altyd.

³⁶Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees.

³⁷Ek weet julle is die nageslag van Abraham. Maar julle wil My doodmaak omdat my woorde nie ingang by julle vind nie.

³⁸Ek praat oor wat Ek by my Vader gesien het; en julle doen wat julle by julle vader gehoor het.”

³⁹Hulle het vir Hom gesê: “Ons vader is Abraham.” Daarop sê Jesus vir hulle: “As julle kinders van Abraham was, sou julle doen wat Abraham gedoen het.

⁴⁰Maar nou wil julle My doodmaak, vir My wat die waarheid wat Ek by God gehoor het, aan julle verkondig. Dít is nie wat Abraham gedoen het nie.

⁴¹Julle doen wat julle vader gedoen het.” Hulle sê toe vir Hom: “Ons is nie uit owerspel gebore nie. Ons het net die een Vader, naamlik God.”

⁴²Maar Jesus sê vir hulle: “As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het van God af gekom, en hier is Ek nou. Ek het immers ook nie uit my eie gekom nie, maar Hý het My gestuur.

⁴³Waarom begryp julle nie wat Ek sê nie? Omdat julle my boodskap nie kán verstaan nie!

⁴⁴Julle is kinders van die duiwel; hy is julle vader, en julle wil doen wat julle vader wil hê julle moet doen. Hy was van die begin af 'n moordenaar. En hy staan nie aan die kant van die waarheid nie, omdat daar geen waarheid in hom is nie. Wanneer hy leuentaalk praat, is dit volgens sy aard, want hy is 'n leuenaar en die vader van die leuen.

⁴⁵En omdat Ek die waarheid praat, glo julle nie in My nie.

⁴⁶Wie van julle kan sonde by My aanwys? As Ek dan die waarheid praat, waarom glo julle nie in My nie?

⁴⁷Wie 'n kind van God is, luister na die woorde van God. Juis daarom luister julle nie, omdat julle nie kinders van God is nie.”

Jesus was voor Abraham al daar

⁴⁸Die Jode het toe vir Hom gesê: “Ons het mos gesê jy is 'n Samaritaan en van die duiwel besete! ”

⁴⁹Jesus het geantwoord: “Ek is nie van die duiwel besete nie, maar Ek eer my Vader, en julle doen My oneer aan.

⁵⁰Ek soek egter nie na eer vir Myself nie; daar is Een wat eer vir My soek, en Hy is regter.

⁵¹Dít verseker Ek julle: As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie.”

⁵²Die Jode sê toe vir Hom: “Nou is ons seker dat jy van die duiwel besete is. Abraham het gesterwe en die profete ook, en tog sê jy: ‘As iemand my woorde ter harte neem, sal hy in alle ewigheid nooit sterwe nie.’

⁵³Jy is tog nie groter as ons voorvader Abraham wat gesterf het nie? En die profete het gesterwe. Wie verbeel jy jou is jy? ”

⁵⁴Maar Jesus antwoord: “As Ek Myself verheerlik, beteken my heerlikheid niks. Dit is my Vader wat My verheerlik. Julle sê: ‘Hy is ons God,’

⁵⁵en tog ken julle Hom nie. Maar Ek ken Hom. As Ek sê Ek ken Hom nie, sal Ek net soos julle 'n leuenaar wees. Maar Ek ken Hom, en Ek neem sy woorde ter harte.

⁵⁶Abraham, julle voorvader, het hom daarvoor verheug dat hy die dag van my koms sou sien, en hy het dit gesien en was bly.”

⁵⁷Die Jode sê toe vir Hom: “Jy is nog nie eens vyftig jaar oud nie, en het jy vir Abraham gesien? ”

⁵⁸Jesus het hulle geantwoord: “Dít verseker Ek julle: Voordat Abraham gebore is, was Ek al wat Ek is.”

⁵⁹Hulle het toe klippe opgetel om Hom daarmee te gooi. Maar Jesus het gaan skuil en van die tempel af weggegaan.

Johannes 9

Jesus genees 'n man wat blind gebore is

¹Terwyl Jesus wegstap, sien Hy 'n man wat van sy geboorte af blind was.

²Sy dissipels vra Hom toe: “Rabbi, deur wie se sonde is dit dat hierdie man blind gebore is: sy eie of sy ouers s'n? ”

³En Jesus antwoord: “Dit is nie deur sy eie sonde nie en ook nie deur sy ouers s'n nie, maar hy is blind sodat die werke wat God doen, in hom gesien sal kan word.

⁴So lank as dit nog dag is, moet ons die werk doen van Hom wat My gestuur het; die nag kom, wanneer niemand kan werk nie.

⁵Terwyl Ek in die wêreld is, is Ek die lig vir die wêreld.”

⁶Nadat Hy dit gesê het, spoeg Hy op die grond en maak met die spoeg 'n bietjie klei aan. Toe smeer Hy die klei aan die man se oë

⁷en sê vir hom: “Gaan was jou in die Siloambad.” Siloam beteken die een wat gestuur is. Hy het gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien.

⁸Sy bure en die ander mense wat hom voorheen as bedelaar geken het, sê toe: “Maar is dit dan nie die man wat gesit en bedel het nie? ”

⁹Party van hulle het gesê: “Dit is hy! ” Maar party het gesê: “Nee, hy lyk maar net soos daardie man.” “Dit is ek! ” het hy self gesê.

¹⁰Hulle vra toe vir hom: “Maar hoe het jou oë dan reg gekom? ”

¹¹En hy antwoord: “Die man met die naam Jesus het 'n bietjie klei aangemaak en dit aan my oë gesmeer en vir my gesê: ‘Gaan na Siloam toe en was jou.’ Ek het gegaan en my gewas, en ek kon sien! ”

¹²“Waar is hy nou? ” vra hulle hom toe. “Ek weet nie,” was sy antwoord.

Die Fariseërs ondervra die man en sy ouers

¹³Daarna het die mense die man wat eers blind was, na die Fariseërs toe gebring.

¹⁴Dit was op 'n sabbatdag dat Jesus die klei aangemaak en die man se oë genees het.

¹⁵Die Fariseërs het hom ook weer gevra hoe dit gekom het dat hy kan sien. Hy het hulle geantwoord: “Hy het klei op my oë gesit en ek het my gewas, en nou sien ek.”

¹⁶Party van die Fariseërs sê toe: “Hierdie man kom nie van God nie, want hy hou nie die sabbatdag nie.” Maar van die ander het gesê: “Hoe kan iemand wat 'n sondaar is, sulke wondertekens doen? ” En daar was verdeeldheid onder hulle.

¹⁷Hulle sê toe weer vir die man wat blind was: “Wat sê jý van hom? Hy het mos jou oë genees.” “Hy is 'n profeet,” het hy geantwoord.

¹⁸Die Jode het nie geglo dat die man blind was en nou kon sien nie, totdat hulle sy ouers geroep

¹⁹en vir hulle gevra het: “Is dit julle seun van wie julle beweer dat hy blind gebore is? Hoe sien hy dan nou? ”

²⁰“Ons weet dat hy ons seun is en dat hy blind gebore is,” het sy ouers geantwoord.

²¹“Maar hoe hy nou sien, weet ons nie. En wie sy oë genees het, weet ons ook nie. Vra hom self. Hy is oud genoeg; hy kan vir homself praat.”

²²Sy ouers het dit gesê omdat hulle bang was vir die Jode; want die Jode het toe al klaar met mekaar afgespreek dat iemand wat openlik verklaar dat Jesus die Christus is, uit die sinagoge geban sal word.

²³Daarom het sy ouers gesê: “Hy is oud genoeg; vra hom self.”

Die man word uitgeban

²⁴Die Jode het toe die tweede keer die man wat blind was, geroep en vir hom gesê: “Praat die waarheid voor God; ons weet mos hierdie man is 'n sondaar.”

²⁵Daarop het hy gesê: “Of hy 'n sondaar is, dit weet ek nie. Een ding weet ek wel: ek was blind, en nou sien ek.”

²⁶Hulle sê toe vir hom: “Wat het hy met jou gemaak? Hoe het hy jou oë genees?”

²⁷“Ek het julle mos al vertel, en julle het nie geluister nie,” antwoord hy. “Hoekom wil julle dit weer hoor? Julle wil tog nie ook dissipels van hom word nie?”

²⁸Toe skel hulle hom uit en sê: “Jý is 'n dissipel van hom. Óns is dissipels van Moses.

²⁹Ons weet dat God met Moses gepraat het; maar hierdie man — ons weet nie waar hy vandaan kom nie.”

³⁰“Dis darem snaaks,” sê hy daarop vir hulle. “Julle weet nie waar hy vandaan kom nie, en tog het hy my oë genees.

³¹Ons weet dat God nie na sondaars luister nie; maar as iemand vir Hom ontsag het en doen wat Hy wil hê, luister God na hom.

³²Van ewigheid af is daar nog nooit gehoor dat iemand die oë van een wat blind gebore is, genees het nie.

³³As hierdie man nie van God was nie, sou hy niks kon doen nie.”

³⁴Hulle sê toe vir hom: “Jy is van jou geboorte af die ene sonde, en wil jy ons staan en leer?” En hulle het hom uitgebán.

Geestelike blindheid

³⁵Jesus het gehoor dat die Jode die man uitgebán het; en toe Hy hom kry, vra Hy vir hom: “Glo jy in die Seun van die mens?”

³⁶Hy het geantwoord: “Wie is dit, Meneer, sodat ek in Hom kan glo?”

³⁷Jesus het vir hom gesê: “Jy sien Hom. Dit is Hy wat met jou praat.”

³⁸Die man sê toe: “Ek glo, Here!” En hy het Hom aanbid.

³⁹Toe sê Jesus: “Ek het na hierdie wêreld toe gekom met die oog op 'n beslissing, sodat dié wat nie sien nie, kan sien, en dié wat sien, kan blind word.”

⁴⁰Party Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: “Ons is mos nie blind nie! ”

⁴¹Jesus antwoord hulle: “As julle blind was, sou julle nie skuldig gewees het nie; maar nou sê julle: ‘Ons sien.’ Daarom bly julle skuldig.”

Johannes 10

Die goeie herder

¹“Dít verseker Ek julle: Wie nie deur die hek in die skaapkraal ingaan nie maar van 'n ander kant af inklim, is 'n dief en 'n rower.

²Maar hy wat deur die hek ingaan, is die skape se herder;

³vir hom maak die hekwagter oop. Die skape luister na die herder se stem. Hy roep sy skape op hulle name en lei hulle uit.

⁴Wanneer hy al sy skape uitgebring het, loop hy voor hulle uit, en die skape volg hom, omdat hulle sy stem ken.

⁵Hulle sal nooit 'n vreemde volg nie maar van hom af weghardloop, omdat hulle nie die stem van vreemdes ken nie.”

⁶Deur hierdie beeld het Jesus met hulle gepraat, maar hulle het nie verstaan wat dit was wat Hy vir hulle wou sê nie.

⁷Toe het Jesus verder gesê: “Dít verseker Ek julle: Ek is die ingang vir die skape.

⁸Almal wat voor My gekom het, is diewe en rowers; maar die skape het nie na hulle geluister nie.

⁹Ek is die ingang; as iemand deur My ingaan, sal hy gered word. Hy sal in en uit gaan en weiding kry.

¹⁰'n Dief kom net steel en slag en uitroei; Ek het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed.

¹¹“Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

¹²'n Huurling is geen herder nie, en dit is nie sy eie skape nie. As hy 'n wolf sien kom, los hy die skape en hardloop weg, en die wolf vang die skape en jaag die trop uitmekaar.

¹³Hy is 'n huurling en bekommer hom nie oor die skape nie.

¹⁴“Ek is die goeie herder. Ek ken my skape, en my skape ken My,

¹⁵net soos die Vader My ken en Ek die Vader ken; en Ek lê my lewe af vir die skape.

¹⁶Ek het nog ander skape, wat nie van hierdie kraal is nie. Ek moet hulle ook lei. Hulle sal na my stem luister, en hulle sal een kudde wees met een herder.

¹⁷“Die Vader het My lief omdat Ek my lewe aflê om dit weer op te neem.

¹⁸Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit my eie af. Ek het die volmag om dit af te lê, en Ek het die volmag om dit weer op te neem. Dit is die opdrag wat Ek van my Vader ontvang het.”

¹⁹Daar het toe verdeeldheid onder die Jode gekom oor hierdie woorde.

²⁰Baie van hulle het gesê: “Hy is van die duiwel besete, hy is mal! Hoekom luister julle nog na hom? ”

²¹Ander het gesê: “Dit is nie die woorde van 'n besetene nie. 'n Duiwel kan tog nie blindes se oë genees nie? ”

Die Jode is nie van sy skape nie

²²Dit was daardie tyd die fees van die tempelwyding in Jerusalem, en dit was winter.

²³Jesus het in die tempel in die Pilaargang van Salomo geloop.

²⁴Die Jode het daar om Hom saamgedrom en vir Hom gesê: “Hoe lank gaan u ons nog in onsekerheid hou? As u die Christus is, sê dit reguit vir ons.”

²⁵Jesus antwoord hulle toe: “Ek het dit vir julle gesê, en tog glo julle nie. Die dade wat Ek in die Naam van my Vader doen, bewys wie Ek is.

²⁶Maar julle glo nie, omdat julle nie van my skape is nie.

²⁷My skape luister na my stem; Ek ken hulle, en hulle volg My.

²⁸Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie.

²⁹Dié wat my Vader vir My gegee het, is die belangrikste van almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie.

³⁰Ek en die Vader is een.”

³¹Die Jode het toe weer klippe opgetel om Hom te stenig,

³²maar Jesus sê vir hulle: “Op gesag van die Vader het Ek julle talle goeie dae laat sien. Oor watter een daarvan wil julle My stenig? ”

³³“Dis nie oor 'n goeie daad dat ons jou wil stenig nie,” antwoord die Jode Hom, “maar oor godslastering, omdat jy, wat 'n gewone mens is, jou as God voordoën.”

³⁴Daarop sê Jesus vir hulle: “Staan daar nie in julle wet geskrywe: ‘Ek het gesê: Julle is gode’ nie?

³⁵God noem hulle tot wie sy woord gekom het, dus ‘gode’, en wat daar geskrywe staan, kan nie verander word nie.

³⁶Hoe sê julle dan vir My wat deur die Vader afgesonder en na die wêreld toe gestuur is: ‘Jy praat godslasterlik’, omdat Ek gesê het: ‘Ek is die Seun van God’?

³⁷As Ek nie die werke van my Vader doen nie, moet julle nie in My glo nie.

³⁸Maar as Ek dit wel doen en julle tog nie in My glo nie, moet julle ten minste aan die werke glo, sodat julle kan insien en weet dat die Vader in My en Ek in die Vader is.”

³⁹Hulle wou Hom toe weer gevange neem, maar Hy het hulle ontglip.

⁴⁰Hy het teruggegaan na die plek oorkant die Jordaan waar Johannes vroeër gedoop het, en daar gebly.

⁴¹Baie mense het na Hom toe gekom. Hulle het gesê: “Johannes het wel geen wonderteken gedoen nie, maar alles wat Johannes oor hierdie man gesê het, is waar.”

⁴²Baie mense het daar tot geloof in Hom gekom.

Johannes 11

Die dood van Lasarus

¹'n Man met die naam Lasarus was siek. Hy was van Betanië, die dorp waar Maria en haar suster Marta gewoon het.

²Maria was die vrou wat met reukolie die Here gesalf en sy voete met haar hare afgedroog het. Dit was haar broer Lasarus wat siek was.

³Die susters het iemand na Jesus toe gestuur om te sê: “Here, hy vir wie U lief is, is siek.”

⁴Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: “Hierdie siekte sal nie op die dood uitloop nie, maar op die openbaring van die wonderbaarlike mag van God, sodat die Seun van God daardeur verheerlik kan word.”

⁵Jesus het vir Marta en haar suster en Lasarus liefgehad.

⁶Nadat Hy gehoor het dat Lasarus siek is, het Hy egter nog twee dae op die plek gebly waar Hy was.

⁷Eers daarna het Hy vir sy dissipels gesê: “Kom ons gaan terug na Judea toe.”

⁸Die dissipels sê toe vir Hom: “Rabbi, nou die dag nog wou die Jode U stenig, en gaan U weer daarheen? ”

⁹Jesus het geantwoord: “Is daar nie twaalf uur in 'n dag nie? As iemand in die dag loop, struikel hy nie, omdat hy die lig van hierdie wêreld sien.

¹⁰Maar as iemand in die nag loop, struikel hy, omdat hy nie die lig het nie.”

¹¹Hierna het Hy vir hulle gesê: “Ons vriend Lasarus slaap, maar Ek gaan om hom wakker te maak.”

¹²Die dissipels sê toe vir Hom: “Here, as hy slaap, sal hy gesond word.”

¹³Jesus het van Lasarus se dood gepraat, maar hulle het gedink Hy praat van die gewone slaap.

¹⁴Toe sê Jesus vir hulle reguit: “Lasarus is dood,

¹⁵en om julle ontwil is Ek bly dat Ek nie daar was nie sodat julle in My kan glo. Maar kom ons gaan na hom toe.”

¹⁶Tomas, wat ook Didimus genoem is, sê toe vir die ander dissipels: “Kom ons gaan ook, sodat ons saam met Hom kan sterwe.”

Jesus by Marta en Maria

¹⁷Toe Jesus daar kom, het Hy gevind dat Lasarus al vier dae in die graf was.

¹⁸Betanië was naby Jerusalem, omtrent drie kilometer;

¹⁹en baie van die Jode het na Marta en Maria toe gekom om hulle oor hulle broer te troos.

²⁰Toe Marta hoor dat Jesus kom, het sy Hom tegemoet gegaan; maar Maria het in die huis bly sit.

²¹Marta sê toe vir Jesus: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.

²²Maar selfs nou weet ek dat God U alles sal gee wat U van Hom vra.”

²³Jesus sê toe vir haar: “Jou broer sal uit die dood opstaan.”

²⁴Maar Marta sê vir Hom: “Ek weet hy sal met die opstanding op die laaste dag uit die dood opstaan.”

²⁵Toe sê Jesus vir haar: “Ek is die opstanding en die lewe. Wie in My glo, sal lewe, al sterwe hy ook;

²⁶en elkeen wat lewe en in My glo, sal in alle ewigheid nooit sterwe nie. Glo jy dit? ”

²⁷“Ja, Here,” sê sy vir Hom, “ek glo vas dat U die Christus is, die Seun van God, die Een wat na die wêreld toe moes kom.”

²⁸Nadat sy dit gesê het, het sy haar suster Maria gaan roep en saggies vir haar gesê: “Ons Leermeester is hier, en Hy roep jou.”

²⁹Toe sy dit hoor, het sy gou opgestaan en na Hom toe gegaan.

³⁰Jesus het nog nie in die dorp aangekom nie, maar was nog op die plek waar Marta Hom ontmoet het.

³¹Toe die Jode wat by Maria in die huis was en haar vertroos het, sien dat sy vinnig opstaan en uitgaan, het hulle agter haar aangegaan omdat hulle gedink het sy gaan na die graf toe om daar te huil.

³²Toe Maria daar aankom waar Jesus was en Hom sien, het sy by sy voete gekniel en vir Hom gesê: “Here, as U hier was, sou my broer nie gesterwe het nie.”

Jesus laat Lasarus uit die dood opstaan

³³Toe Jesus sien dat Maria huil en dat die Jode wat saam met haar gekom het, ook huil, het sy gemoed vol geskiet en was Hy aangedaan.

³⁴Hy vra toe: “Waar het julle hom begrawe? ” Hulle het vir Hom gesê: “Here, kom kyk.”

³⁵Jesus het gehuil.

³⁶Die Jode sê toe: “Kyk hoe lief het hy hom gehad! ”

³⁷Party van hulle het ook gesê: “Kon hy wat die oë van die blinde man genees het, nie ook gemaak het dat hierdie man nie sterwe nie? ”

³⁸Jesus se gemoed het weer vol geskiet toe Hy by die graf kom. Dit was 'n rotsgraf, en daar was 'n klip voor die ingang gerol.

³⁹Jesus sê toe: “Rol die klip weg.” Maar Marta, die suster van die oorledene, sê vir Hom: “Here, hy ruik al, want dit is al die vierde dag.”

⁴⁰Jesus sê toe vir haar: “Het Ek nie vir jou gesê as jy glo, sal jy die openbaring van die wonderbaarlike mag van God sien nie? ”

⁴¹Hulle het toe die klip weggerol. Jesus het opgekyk boontoe en gesê: “Vader, Ek dank U dat U My verhoor het.

⁴²Ek weet dat U My altyd verhoor, maar Ek sê dit ter wille van die mense wat hier rondom staan, sodat hulle kan glo dat U My gestuur het.”

⁴³Nadat Hy dit gesê het, roep Hy met 'n harde stem: “Lasarus, kom uit! ”

⁴⁴Die oorledene het uitgekóm. Sy hande en sy voete was nog toegedraai met grafdoeke en sy gesig toegebínd met 'n kopdoek. Jesus sê toe vir die mense: “Maak hom los dat hy kan huis toe gaan.”

Die Joodse Raad besluit om Jesus dood te maak

(Matt. 26:1-5; Mark. 14:1-2; Luk. 22:1-2)

⁴⁵Baie van die Jode wat na Maria toe gekóm en gesien het wat Jesus gedoen het, het tot geloof in Hom gekóm.

⁴⁶Maar party van hulle het na die Fariseërs toe gegaan en vir hulle vertel wat Jesus gedoen het.

⁴⁷Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe die Joodse Raad bymekaargeroep en gesê: “Wat gaan ons doen? Hierdie man doen baie wondertekens.

⁴⁸As ons hom so laat aangaan, sal al die mense in hom glo, en dan kom verwoes die Romeine hierdie heilige plek en maak ons nasie tot niet.”

⁴⁹Een van hulle, 'n sekere Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was, het egter vir hulle gesê: “Julle verstaan niks,

⁵⁰en julle besef ook nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie.”

⁵¹Dit het hy nie uit sy eie gesê nie, maar omdat hy daardie jaar hoëpriester was, het hy geprofeteer dat Jesus vir die nasie sou sterwe.

⁵²En Hy sou nie net vir die nasie sterwe nie, maar ook om die kinders van God wat oor die hele aarde versprei is, tot een volk bymekaar te bring.

⁵³Van daardie dag af was hulle vasbeslote om Jesus dood te maak.

⁵⁴Daarom het Jesus nie meer in die openbaar onder die Jode rondgegaan nie, maar daarvandaan weggegaan na die streek naby die woestyn, na 'n dorp met die naam Efraim. Daar het Hy met sy dissipels 'n rukkie gebly.

⁵⁵Die paasfees van die Jode was naby. Baie mense het voor die paasfees van die platteland af na Jerusalem toe gegaan om hulle te reinig.

⁵⁶Hulle het daar na Jesus gesoek en waar hulle in die tempel gestaan het, vir mekaar gesê: “Hoe dink julle? Hy sal seker nie fees toe kom nie, of hoe? ”

⁵⁷Die priesterhoofde en die Fariseërs het toe al klaar opdrag gegee dat as iemand weet waar Hy is, hy dit moet aangee sodat hulle Hom gevange kan neem.

Johannes 12

Jesus word in Betanië met nardusolie gesalf

(Matt. 26:6-13; Mark. 14:3-9)

¹Ses dae voor die paasfees het Jesus na Betanië toe gekom, waar Lasarus wat Hy uit die dood opgewek het, gewoon het.

²Daar het hulle vir Jesus 'n ete gegee. Marta het bedien, en Lasarus was een van dié wat saam met Hom aan tafel was.

³Toe het Maria 'n halfliter egte, baie duur nardusolie gebring en dit op Jesus se voete uitgegiet en sy voete met haar hare afgedroog. Die hele huis is deurtrek met die geur van die reukolie.

⁴Judas Iskariot, een van sy dissipels, die een wat Hom sou verraaï, sê toe:

⁵“Waarom is hierdie reukolie nie vir drie honderd silwermuntstukke verkoop en die geld vir die armes gegee nie? ”

⁶Dit het hy gesê, nie omdat hy hom oor die armes bekommer het nie, maar omdat hy 'n dief was. Hy het die beursie gehad en het van die bydraes gevat.

⁷Toe sê Jesus: “Laat staan haar. Sy moes dit hou vir hierdie dag om My te self vir my begrafnis.

⁸Die armes het julle tog altyd by julle, maar vir My het julle nie altyd nie.”

Die besluit om Lasarus ook dood te maak

⁹Baie van die Jode het verneem dat Jesus daar is en het daarheen gekom, nie net ter wille van Jesus nie, maar ook om vir Lasarus te sien wat Hy uit die dood opgewek het.

- ¹⁰Die priesterhoofde het toe besluit om ook vir Lasarus dood te maak,
¹¹omdat baie van die Jode deur hom na Jesus toe oorgeloop en in Hom geglo het.

Die intog van Jesus in Jerusalem
 (Matt. 21:1-11; Mark. 11:1-11; Luk. 19:28-40)

- ¹²Die volgende dag het die groot menigte mense wat na die fees toe gekom het, gehoor dat Jesus na Jerusalem toe kom.
- ¹³Hulle het palmtakke gevat en Hom tegemoet gegaan en uitgeroep: “Prys Hom! Loof Hom wat in die Naam van die Here kom!” en: “Die Koning van Israel!”
- ¹⁴Jesus het toe op 'n jong donkie geklim wat Hy daar gekry het, soos daar geskrywe staan:
- ¹⁵“Moenie bang wees nie, Sion! Kyk, jou Koning kom, en Hy ry op 'n donkie.”
- ¹⁶Jesus se dissipels het hierdie dinge eers nie verstaan nie, maar nadat Hy verheerlik is, het hulle daaraan gedink dat wat daar geskrywe staan, op Hom betrekking gehad het en dat dit met Hom gebeur het.
- ¹⁷Die mense wat by Jesus was toe Hy vir Lasarus uit die graf geroep en hom uit die dood opgewek het, het gedurig daarvoor gepraat.
- ¹⁸Daarom het die menigte vir Jesus tegemoet gegaan: hulle het gehoor dat Hy hierdie wonderteken gedoen het.
- ¹⁹Die Fariseërs het toe vir mekaar gesê: “Sien julle, julle rig niks uit nie! Kyk, die hele wêreld gaan agter hom aan!”

Die tyd van sy verheerliking het gekom

- ²⁰Daar was ook 'n aantal Grieke onder die mense wat fees toe gekom het om te aanbid.
- ²¹Hulle het na Filippus, wat van Betsaida in Galilea afkomstig was, gegaan en vir hom gevra: “Meneer, ons wil Jesus graag ontmoet.”
- ²²Filippus het gegaan en dit vir Andreas vertel. Andreas en Filippus gaan toe en sê dit vir Jesus.

²³Daarop sê Jesus vir hulle: “Die tyd het gekom dat die Seun van die mens verheerlik moet word.

²⁴Dit verseker Ek julle: As 'n koringkorrel nie in die grond val en sterwe nie, bly hy net een; maar as hy sterwe, bring hy 'n groot oes in.

²⁵Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou.

²⁶As iemand My wil dien, moet hy My volg; en waar Ek is, daar sal my dienaar ook wees. As iemand My dien, sal die Vader hom eer.

²⁷“Nou is Ek diep ontsteld. En wat moet Ek sê? Moet Ek sê: Vader, red My uit hierdie uur? Maar juis hiervoor het Ek gekom, vir hierdie uur.

²⁸Vader, verheerlik u Naam! ” Toe het daar 'n stem uit die hemel gekom: “Ek het my Naam verheerlik, en Ek sal dit weer verheerlik.”

²⁹Die mense wat daar gestaan en dit gehoor het, het gesê dat daar 'n donderslag was. Ander het gesê: “'n Engel het met hom gepraat.”

³⁰Toe sê Jesus: “Hierdie stem het nie om my ontwil gekom nie, maar om julle ontwil.

³¹Nou kom die oordeel oor hierdie wêreld; nou sal die owerste van hierdie wêreld uitgegooi word buitentoe.

³²En as Ek van die aarde af verhoog is, sal Ek almal na My toe trek.”

³³Dit het Hy gesê en daarmee ook aangedui op watter manier Hy sou sterwe.

³⁴Die mense sê toe vir Hom: “Ons het uit die Skrif geleer dat die Christus vir ewig gaan bly. Hoe sê u nou dat die Seun van die mens verhoog moet word? En hierdie Seun van die mens, wie is hy? ”

³⁵Toe sê Jesus vir hulle: “Nog net 'n kort tydjie is die lig by julle. Lewe in die lig terwyl julle dit het sodat die duisternis julle nie oorval nie. Wie in die duisternis lewe, weet nie waar hy gaan uitkom nie.

³⁶Terwyl julle die lig het, moet julle in die lig glo, sodat julle mense van die lig kan wees.” Dit het Jesus gesê en daarna van hulle af weggegaan en Hom skuil gehou.

Die gevolg van Jesus se optrede

³⁷Alhoewel Jesus so baie wondertekens voor die mense gedoen het, het hulle tog nie in Hom geglo nie.

³⁸So moes die woorde van die profeet Jesaja vervul word: “Here, wie het geglo wat ons gehoor het? En aan wie is die mag van die Here geopenbaar? ”

³⁹Waarom hulle nie kon glo nie, sê Jesaja ook elders:

⁴⁰“God het hulle oë blind gemaak en hulle verstand laat afstomp sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle verstand kan verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie.”

⁴¹Jesaja het dit gesê omdat hy die heerlikheid van die Here gesien en oor Hom gepraat het.

⁴²Nietemin het selfs baie van die lede van die Joodse Raad tog ook tot geloof in Hom gekom, maar uit vrees vir die Fariseërs het hulle dit nie openlik bely nie, sodat hulle nie uit die sinagoge geban sou word nie;

⁴³want hulle het verkies om liever deur mense geëer te word as deur God.

⁴⁴Toe het Jesus uitgeroep: “Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het.

⁴⁵En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het.

⁴⁶Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie.

⁴⁷En as iemand na my woorde luister en hom nie daaraan steur nie, veroordeel Ek hom nie, want Ek het nie gekom om die wêreld te veroordeel nie, maar om die wêreld te red.

⁴⁸Wie My verwerp en nie my woorde aanneem nie, het reeds iets wat hom veroordeel: die woorde wat Ek gespreek het, sal hom op die laaste dag veroordeel.

⁴⁹Ek het nie uit my eie gepraat nie, maar juis die Vader wat My gestuur het, het My opgedra wat Ek moet sê en wat Ek moet praat.

⁵⁰En Ek weet dat sy opdrag die ewige lewe beteken. Wat Ek sê, sê Ek presies net soos die Vader dit vir My gesê het.”

Johannes 13

Jesus was die voete van sy dissipels

¹Voor die viering van die paasfees het Jesus reeds geweet dat die tyd vir Hom gekom het om van hierdie wêreld af na die Vader oor te gaan. Hy het sy eie mense wat in die wêreld is, liefgehad, Hy het hulle tot die uiterste toe liefgehad.

²Jesus en sy dissipels was aan tafel. Die duiwel het toe al klaar vir Judas seun van Simon Iskariot op die gedagte gebring om Jesus te verraaï.

³Jesus het geweet dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God gekom het en na God teruggaan.

⁴Toe het Hy van die tafel af opgestaan, sy bokleed uitgetrek en 'n handdoek gevat en om Hom vasgemaak.

⁵Daarna het Hy water in 'n wasskottel gegooi en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het.

⁶Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir Hom: “Here, gaan ũ my voete was?”

⁷En Jesus antwoord hom: “Wat Ek doen, begryp jy nie nou nie, maar later sal jy dit verstaan.”

⁸Maar Petrus sê vir Hom: “U sal in alle ewigheid nooit my voete was nie!” Daarop sê Jesus vir hom: “As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.”

⁹Simon Petrus sê toe vir Hom: “Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig.”

¹⁰En Jesus sê vir hom: “Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie.”

¹¹Jesus het geweet wie Hom sou verraaï; daarom het Hy gesê: “Julle is nie almal skoon nie.”

¹²Toe Hy hulle voete klaar gewas en sy bokleed aangetrek het en weer aangesit het, sê Hy vir hulle: “Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?”

¹³Julle noem My julle Leermeester en Here, en julle is reg, want Ek is dit.

¹⁴As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was.

¹⁵Ek het vir julle 'n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen.

¹⁶Dit verseker Ek julle: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie, en 'n gesant ook nie belangriker as die een wat hom gestuur het nie.

¹⁷Julle weet dit nou; gelukkig is julle as julle dit ook doen.”

Jesus wys sy verraaier aan
(Matt. 26:21-25; Mark. 14:18-21; Luk. 22:21-23)

¹⁸“Ek praat nie van julle almal nie; Ek weet wie Ek uitgekies het. Maar die Skrif moet vervul word: ‘Hy wat van my brood eet, het My in die rug gestek.’

¹⁹Ek sê dit nou al vir julle voordat dit gebeur, sodat wanneer dit gebeur, julle kan glo dat Ek is wat Ek is.

²⁰Dit verseker Ek julle: Wie iemand ontvang wat Ek stuur, ontvang My; en wie My ontvang, ontvang Hom wat My gestuur het.”

²¹Na hierdie woorde het Jesus hewig ontsteld geword en openlik verklaar: “Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraaï.”

²²Die dissipels het verslae na mekaar gekyk en nie geweet wie Hy bedoel nie.

²³Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, het net langs Hom aan tafel gesit.

²⁴Simon Petrus beduie toe vir hom dat hy moet vra wie dit is wat Jesus bedoel.

²⁵Hy leun toe oor na Jesus se kant en vra vir Hom: “Here, wie is dit? ”

²⁶Jesus het geantwoord: “Dit is die een vir wie Ek 'n stukkies brood wat Ek in die sous ingestee het, sal gee.” Hy vat toe 'n stukkies brood, steek dit in die sous en gee dit vir Judas seun van Simon Iskariot.

²⁷En nadat Judas die stukkies brood gevat het, het die Satan in hom ingevaar. Toe sê Jesus vir hom: “Wat jy wil doen, moet jy baie gou doen! ”

²⁸Niemand van die ander wat aan tafel was, het geweet waarom Hy dit vir hom gesê het nie.

²⁹Omdat Judas die beursie gehad het, het party van hulle gedink dat Jesus vir hom sê: “Gaan koop wat ons vir die paasfees nodig het,” of dat hy iets vir die armes moes gaan gee.

³⁰Nadat Judas dan die stukkies brood gevat het, het hy dadelik uitgegaan. Dit was nag.

Jesus se heengaan is naby

³¹Toe Judas uit is, sê Jesus: “Nou word die Seun van die mens verheerlik, en God word deur Hom verheerlik.

³²En aangesien God deur Hom verheerlik word, sal God self Hom ook verheerlik; en Hy sal Hom binnekort verheerlik.

³³My kinders, Ek is nog net 'n klein rukkies by julle. Dan sal julle My soek, en soos Ek vir die Jode gesê het, sê Ek nou vir julle ook: Waar Ek heen gaan, kan julle nie kom nie.

³⁴Ek gee julle 'n nuwe gebod: julle moet mekaar liefhê. Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê.

³⁵As julle mekaar liefhet, sal almal weet dat julle dissipels van My is.”

Petrus sal Jesus verloën

(Matt. 26:31-35; Mark. 14:27-31; Luk. 22:31-34)

³⁶Simon Petrus vra toe vir Hom: “Here, waarheen gaan U? ” Jesus het hom geantwoord: “Waarheen Ek gaan, kan jy My nie nou volg nie, maar later sal jy My volg.”

³⁷Toe sê Petrus vir Hom: “Here, hoekom kan ek U nie nou volg nie? Ek sal my lewe vir U aflê.”

³⁸“Sal jy jou lewe vir My aflê? ” vra Jesus. “Dít verseker Ek jou: Nog voor die haan kraai, sal jy My drie keer verloën.”

Johannes 14

Jesus gaan na sy Vader toe

¹“Julle moet nie ontsteld wees nie. Glo in God; glo ook in My.

²In die huis van my Vader is daar baie woonplek. As dit nie so was nie, sou Ek nie vir julle gesê het Ek gaan om vir julle plek gereed te maak nie.

³En as Ek gegaan het en vir julle plek gereed gemaak het, kom Ek terug en sal julle na My toe neem, sodat julle ook kan wees waar Ek is.

⁴En julle ken die weg na die plek waarheen Ek gaan.”

⁵Tomas sê toe vir Hom: “Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die weg daarheen ken? ”

⁶Jesus het vir hom gesê: “Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie.

⁷As julle My ken, sal julle my Vader ook ken. En van nou af ken julle Hom en sien julle Hom.”

⁸Toe sê Filippus vir Hom: “Here, wys vir ons die Vader, en dit is vir ons genoeg.”

⁹En Jesus sê vir hom: “Ek is al so lank by julle, en ken jy My nie, Filippus? Wie My sien, sien die Vader. Hoe kan jy dan sê: ‘Wys vir ons die Vader’?”

¹⁰Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek met julle praat, praat Ek nie uit my eie nie; maar dit kom van die Vader wat in My bly en sy werke doen.

¹¹Glo in My omdat Ek in die Vader is en die Vader in My; of anders, glo op grond van die werke self.

¹²“Dit verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan.

¹³Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word.

¹⁴As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

Die Heilige Gees sal by julle bly

¹⁵“As julle My liefhet, sal julle my opdragte uitvoer.

¹⁶Ek sal die Vader vra, en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by julle te wees,

¹⁷naamlik die Gees van die waarheid. Die wêreld kan Hom nie ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en Hom nie ken nie. Maar julle ken Hom, omdat Hy by julle bly en in julle sal wees.

¹⁸“Ek sal julle nie as weeskinders agterlaat nie; Ek kom weer na julle toe.

¹⁹Nog net 'n klein rukkie, en dan sien die wêreld My nie meer nie, maar julle sien My, omdat Ek lewe en julle sal lewe.

²⁰Daardie dag sal julle weet dat Ek in my Vader is en julle in My en Ek in julle.

²¹“Wie my opdragte het en dit uitvoer — dit is hy wat My liefhet. En wie My liefhet, hóm sal my Vader liefhê, en Ek sal hom ook liefhê en My aan hom openbaar.”

²²Judas, nie Judas Iskariot nie, vra toe vir Hom: “Here, hoe kom dit dat U U aan ons gaan openbaar en nie aan die wêreld nie? ”

²³Jesus antwoord hom: “As iemand My liefhet, sal hy my woorde ter harte neem; en my Vader sal hom liefhê, en Ons sal na hom toe kom en by hom woon.

²⁴Wie My nie liefhet nie, neem my woorde nie ter harte nie; en die woorde wat julle hoor, is nie Myne nie, maar die Vader s'n wat My gestuur het.

²⁵“Dit sê Ek vir julle terwyl Ek nog by julle bly;

²⁶en wanneer die Vader in my Naam die Voorspraak, die Heilige Gees, stuur, sal Hy julle alles leer en julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het.

²⁷“Vrede laat Ek vir julle na; my vrede gee Ek vir julle. Die vrede wat Ek vir julle gee, is nie die soort wat die wêreld gee nie. Julle moet nie ontsteld wees nie, en julle moet nie bang wees nie.

²⁸Julle het gehoor dat Ek vir julle gesê het: Ek gaan weg, maar Ek kom weer na julle toe. As julle My liefgehad het, sou julle bly gewees het dat Ek na die Vader toe gaan, omdat die Vader groter as Ek is.

²⁹En nou sê Ek dit vir julle voordat dit gebeur, sodat julle kan glo wanneer dit gebeur.

³⁰Ek sal nie meer lank met julle kan praat nie, want die owerste van die wêreld is aan die kom. Hy het geen mag oor My nie,

³¹maar die wêreld moet weet dat Ek die Vader liefhet en daarom doen wat die Vader My beveel het. “Staan op, laat ons hiervandaan weggaan.”

Johannes 15

Die ware wingerdstok

¹“Ek is die ware wingerdstok en my Vader is die boer.

²Elke loot aan My wat nie vrugte dra nie, sny Hy af; maar elkeen wat vrugte dra, snoei Hy reg, sodat dit nog meer vrugte kan dra.

³Julle is alreeds reg gesnoei deur die woorde wat Ek vir julle gesê het.

⁴Julle moet in My bly en Ek in julle. 'n Loot kan nie uit sy eie vrugte dra as hy nie aan die wingerdstok bly nie; en so julle ook nie as julle nie in My bly nie.

⁵“Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie.

⁶As iemand nie in My bly nie, word hy weggegooi soos 'n loot en hy verdroog. Die mense maak sulke lote bymekaar en gooi dit in die vuur, en dit verbrand.

⁷As julle in My bly en my woorde in julle, vra dan net wat julle wil hê, en julle sal dit kry.

⁸My Vader word juis daardeur verheerlik dat julle baie vrugte dra en my dissipels is.”

Julle moet mekaar liefhê

⁹“Soos die Vader My liefhet, het Ek julle ook lief. Julle moet in my liefde bly.

¹⁰As julle my opdragte uitvoer, sal julle in my liefde bly, net soos Ek die opdragte van my Vader uitvoer en in sy liefde bly.

¹¹“Dit sê Ek vir julle sodat my blydschap in julle kan wees en julle blydschap volkome kan wees.

¹²Dit is my opdrag: Julle moet mekaar liefhê soos Ek julle liefhet.

¹³Niemand het groter liefde as dit nie: dat hy sy lewe vir sy vriende aflê.

¹⁴Julle is my vriende as julle doen wat Ek julle beveel.

¹⁵Ek noem julle nie meer ondergeskiktes nie, want 'n ondergeskikte weet nie wat sy baas doen nie. Nee, Ek noem julle vriende, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

¹⁶Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra.

¹⁷Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê! ”

Die wêreld sal julle haat

¹⁸“As die wêreld julle haat, onthou: Hy het My voor julle gehaat.

¹⁹As julle aan die wêreld behoort het, sou die wêreld julle as sy eiendom liefgehad het. Omdat julle egter nie aan die wêreld behoort nie, maar Ek julle uit die wêreld uitgekies het, daarom haat die wêreld julle.

²⁰Onthou wat Ek vir julle gesê het: 'n Slaaf is nie belangriker as sy eienaar nie. As hulle My vervolg het, sal hulle julle ook vervolg. As hulle my woorde ter harte geneem het, sal hulle julle s'n ook ter harte neem.

²¹Maar hulle sal dit alles aan julle doen omdat julle my Naam bely en hulle Hom nie ken wat My gestuur het nie.

²²“As Ek nie gekom en met hulle gepraat het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie; maar nou het hulle geen verskoning vir hulle sonde nie.

²³Wie My haat, haat ook my Vader.

²⁴As Ek nie by hulle die werke gedoen het wat niemand anders gedoen het nie, sou hulle nie skuldig gewees het nie; maar nou sien hulle dit, en tog haat hulle My en my Vader.

²⁵Maar die woorde wat in die Skrif geskrywe staan, moet vervul word: ‘Hulle het My sonder rede gehaat.’

²⁶“Wanneer die Voorspraak kom wat Ek vir julle van die Vader af sal stuur, die Gees van die waarheid, wat van die Vader uitgaan, sal Hy oor My getuig.

²⁷En julle moet getuig, want julle is van die begin af by My.”

Johannes 16

Julle moet nie van My afvallig word nie

¹“Hierdie dinge sê Ek vir julle sodat julle nie afvallig word nie.

²Die mense sal julle uit die sinagoges ban. Daar kom selfs 'n tyd dat elkeen wat een van julle doodmaak, sal dink dat hy 'n diens aan God bewys.

³En dit sal hulle doen, omdat hulle die Vader nie ken nie en My ook nie.

⁴Maar Ek sê dit nou vir julle, sodat wanneer die tyd daarvoor aanbreek, julle daaraan moet dink dat Ek dit vir julle gesê het. Ek het dit egter nie van die begin af vir julle gesê nie, omdat Ek nog by julle was.”

Die werk van die Heilige Gees

⁵“Nou gaan Ek na Hom toe wat My gestuur het, en tog vra niemand van julle vir My: ‘Waar gaan U heen?’ nie.

⁶Maar omdat Ek dit vir julle sê, is julle harte vol droefheid.

⁷Tog sê Ek vir julle die waarheid: Dit is tot julle voordeel dat Ek weggaan, want as Ek nie weggaan nie, sal die Voorspraak, die Heilige Gees, nie na julle toe kom nie; maar as Ek gaan, sal Ek Hom na julle toe stuur.

⁸En wanneer Hy kom, sal Hy bewys dat die wêreld skuldig is aan sonde, en dat die reg aan my kant is, en dat die oordeel al gekom het.

⁹Die wêreld is skuldig aan sonde, want die wêreld glo nie in My nie;

¹⁰die reg is aan my kant, want Ek gaan na die Vader toe, en julle sal My nie meer sien nie;

¹¹die oordeel het al gekom, want die owerste van hierdie wêreld is klaar veroordeel.

¹²“Ek het nog baie dinge om vir julle te sê, maar julle sal dit nie nou kan begryp nie.

¹³Wanneer Hy kom, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei. Wat Hy sal sê, sal nie van Homself kom nie: Hy sal net sê wat Hy hoor, en Hy sal die dinge wat gaan kom, aan julle verkondig.

¹⁴Hy sal My verheerlik, want wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.

¹⁵Alles wat aan die Vader behoort, behoort ook aan My; daarom dat Ek gesê het: Wat Hy van My ontvang, sal Hy aan julle verkondig.”

Julle droefheid sal in blydschap verander

¹⁶“Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie meer nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien.”

¹⁷Party van sy dissipels het toe vir mekaar gevra: “Wat beteken dit dat Hy vir ons sê: ‘Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien’ en: ‘Ek gaan na die Vader toe’?”

¹⁸Hierdie ‘klein rukkie’ waarvan Hy praat, wat beteken dit? Ons weet nie wat Hy bedoel nie,” het hulle gesê.

¹⁹Jesus het gemerk dat hulle dit vir Hom wou vra, en Hy sê toe vir hulle: “Praat julle met mekaar daaroor dat Ek gesê het: Nog 'n klein rukkie, dan sien julle My nie; en weer 'n klein rukkie, dan sal julle My weer sien?”

²⁰Dit verseker Ek julle: Julle sal huil en treur, maar die wêreld sal bly wees. Julle sal bedroef word, maar julle droefheid sal in blydschap verander.

²¹'n Vrou kry swaar wanneer haar tyd gekom het en haar kindjie gebore word. Maar wanneer die kindjie gebore is, dink sy nie meer aan die pyn nie, so bly is sy dat daar 'n mens in die wêreld gekom het.

²²Net so is julle ook nou bedroef, maar as Ek julle weer sien, sal julle harte vol blydschap wees, en niemand kan julle blydschap van julle af wegneem nie.

²³Daardie dag sal julle nie meer vrae aan My stel nie. “Dít verseker Ek julle: Wat julle die Vader ook al in my Naam sal bid, sal Hy vir julle gee.

²⁴Tot nou toe het julle nog nie in my Naam gebid nie. Bid, en julle sal ontvang, sodat julle blydschap volkome kan wees.”

Ek het die wêreld oorwin

²⁵“Dit het Ek deur beeldspraak vir julle gesê. Daar kom 'n tyd wanneer Ek nie meer deur beeldspraak met julle sal praat nie maar julle reguit van die Vader sal vertel.

²⁶Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie,

²⁷want die Vader self het julle lief, omdat julle My liefhet en glo dat Ek van God gekom het.

²⁸Ek het van die Vader gekom en Ek is hier in die wêreld. Nou verlaat Ek weer die wêreld en Ek gaan na die Vader toe.”

²⁹Sy dissipels sê toe: “Kyk, nou praat U reguit en gebruik nie beeldspraak nie.

³⁰Nou weet ons dat U alles weet, en niemand hoef U verder uit te vra nie. Ons glo nou dat U van God gekom het.”

³¹Daarop sê Jesus vir hulle: “Glo julle nou?

³²Kyk, daar kom 'n tyd, en dit is nou al hier, dat julle uitmekaar gejaag sal word, elkeen sy eie koers in, en dat julle My alleen sal laat; en tog is Ek nie alleen nie, omdat die Vader by My is.

³³Dit sê Ek vir julle, sodat julle vrede kan vind in My. In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou moed: Ek het die wêreld klaar oorwin.”

Johannes 17

Jesus bid vir sy dissipels

¹Nadat Jesus dit gesê het, het Hy na die hemel toe opgekyk en gesê: “Vader, die tyd het gekom. Verheerlik u Seun, sodat die Seun U kan verheerlik.

²U het Hom immers die volmag oor die hele mensdom gegee om aan almal wat U Hom gegee het, die ewige lewe te gee.

³En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en Jesus Christus, wat deur U gestuur is.

⁴Ek het U op die aarde verheerlik deur die werk te volbring wat U My gegee het om te doen.

⁵Verheerlik U My nou ook by U, Vader, met die heerlikheid wat Ek by U gehad het voordat die wêreld bestaan het.

⁶“Ek het u Naam bekend gemaak aan die mense wat U My uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het u woord ter harte geneem.

⁷Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom;

⁸want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek waarlik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.

⁹“Ek bid vir hulle. Ek bid nie vir die wêreld nie maar vir dié wat U My gegee het, omdat hulle aan U behoort.

¹⁰Almal wat aan My behoort, behoort aan U; en wie aan U behoort, behoort aan My; en Ek word deur hulle verheerlik.

¹¹Ek bly nie langer in die wêreld nie, maar hulle bly nog in die wêreld. Ek kom na U toe. “Heilige Vader, bewaar hulle in u Naam, die Naam wat U My gegee het, sodat hulle net soos Ons een kan wees.

¹²Toe Ek by hulle was, het Ek hulle in u Naam bewaar, die Naam wat U My gegee het. Ek het hulle beskerm, en nie een van hulle het verlore gegaan nie, behalwe die een wat verlore moet gaan sodat die Skrif vervul kan word.

¹³“Maar nou kom Ek na U toe. En Ek sê dit terwyl Ek nog in die wêreld is, sodat hulle my blydschap in al sy volheid in hulle kan hê.

¹⁴Ek het u woord aan hulle gegee, en die wêreld haat hulle, omdat hulle nie tot die wêreld behoort nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.

¹⁵Ek bid nie dat U hulle uit die wêreld moet wegneem nie, maar dat U hulle van die Bose moet bewaar.

¹⁶Hulle behoort nie tot die wêreld nie, net soos Ek ook nie tot die wêreld behoort nie.

¹⁷Laat hulle aan U toegewy wees deur die waarheid. U woord is die waarheid.

¹⁸Soos U My na die wêreld toe gestuur het, het Ek hulle ook na die wêreld toe gestuur;

¹⁹en ter wille van hulle wy Ek My aan U toe, sodat hulle ook deur die waarheid aan U toegewy kan wees.

²⁰“Ek bid egter nie net vir hulle nie, maar ook vir dié wat deur hulle woorde tot geloof in My sal kom.

²¹Ek bid dat hulle almal een mag wees, net soos U, Vader, in My is en Ek in U, dat hulle ook in Ons mag wees, sodat die wêreld kan glo dat U My gestuur het.

²²Die heerlijkheid wat U My gegee het, het Ek ook aan hulle gegee, sodat hulle een kan wees net soos Ons een is:

²³Ek in hulle en U in My, sodat hulle volkome een kan wees, sodat die wêreld kan weet dat U My gestuur het en hulle liefhet net soos U My liefhet.

²⁴“Vader, Ek wil graag hê dat waar Ek is, hulle wat U My gegee het, ook by My moet wees, sodat hulle my heerlijkheid kan sien, die heerlijkheid wat U My gegee het omdat U My al voor die skepping van die wêreld liefgehad het.

²⁵“Regverdige Vader, die wêreld ken U nie, maar Ek ken U, en hulle hier weet dat U My gestuur het.

²⁶Ek het u Naam aan hulle bekend gemaak, en Ek sal dit verder bekend maak, sodat die liefde wat U aan My bewys het, in hulle kan wees en Ek ook in hulle.”

Johannes 18

Jesus word gevange geneem

(Matt. 26:47-56; Mark. 14:43-50; Luk. 22:47-53)

¹Nadat Jesus dit gesê het, het Hy met sy dissipels oor Kedronspruit gegaan. Daar was 'n tuin, en Hy en sy dissipels het daar ingegaan.

²Judas, sy verraaier, het ook die plek geken, omdat Jesus en sy dissipels dikwels daar gekom het.

³Judas het toe die afdeling soldate gevat en die wagte in diens van die priesterhoofde en die Fariseërs en hulle het daar aangekom met lanterns en fakkels en wapens.

⁴Omdat Jesus geweet het van alles wat oor Hom gaan kom, het Hy vorentoe gekom en vir hulle gevra: “Vir wie soek julle? ”

⁵“Jesus van Nasaret,” antwoord hulle Hom. “Dit is Ek! ” sê Hy toe vir hulle. Judas, sy verraaier, het ook daar by hulle gestaan.

⁶Toe Jesus dan vir hulle sê: “Dit is Ek! ” het hulle teruggedeins en op die grond neergeval.

⁷Hy vra hulle toe weer: “Vir wie soek julle? ” En hulle sê: “Jesus van Nasaret.”

⁸Toe sê Jesus: “Ek het vir julle gesê dit is Ek. As julle My soek, laat die mense hier by My dan toe om weg te gaan.”

⁹So sou vervul word wat Hy voorheen gesê het: “Van dié wat U My gegee het, het Ek niemand verlore laat gaan nie.”

¹⁰Simon Petrus het 'n swaard by hom gehad. Hy ruk dit toe uit, slaan daarmee na die slaaf van die hoëpriester en kap sy regteroor af. Die slaaf se naam was Malgus.

¹¹Toe sê Jesus vir Petrus: “Sit die swaard in sy skede terug. Moet Ek dan nie die lydensbeker drink wat die Vader My gegee het nie? ”

Jesus voor Annas

¹²Toe het die afdeling soldate onder die kommandant saam met die wagte in diens van die Joodse Raad vir Jesus gevange geneem en Hom geboei.

¹³Hulle het Hom eers na Annas toe gebring. Hy was die skoonvader van Kajafas, wat daardie jaar hoëpriester was.

¹⁴Dit was Kajafas wat vir die Jode die raad gegee het dat dit tot hulle voordeel is dat een man vir die volk sterwe.

Petrus verloën Jesus die eerste keer

(Matt. 26:69-70; Mark. 14:66-68; Luk. 22:55-57)

¹⁵Simon Petrus en 'n ander dissipel het agter Jesus aangegaan. Daardie ander dissipel was aan die hoëpriester bekend en het saam met Jesus in die hoëpriester se woning

¹⁶ingegaan, maar Petrus het buite by die deur bly staan. Toe het daardie ander dissipel wat aan die hoëpriester bekend was, uitgegaan en met die deurwagter gepraat en vir Petrus ingebring.

¹⁷Die diensmeisie wat deurwagter was, sê toe vir Petrus: “Jy is tog nie ook een van hierdie man se dissipels nie? ” “Nee, ek is nie! ” antwoord hy.

¹⁸Die slawe en die wagte het hulle gestaan en warm maak by die vuur wat hulle gemaak het omdat dit koud was. En Petrus het hom ook saam met hulle gestaan en warm maak.

Annas en Kajafas verhoor Jesus

(Matt. 26:59-66; 27:1; Mark. 14:55-64; 15:1; Luk. 22:66-71)

¹⁹Die hoëpriester het Jesus toe ondervra oor sy dissipels en oor sy leer.

²⁰Jesus het hom geantwoord: “Ek het in die openbaar met die mense gepraat. Ek het hulle altyd in die sinagoges en in die tempel geleer, waar al die Jode bymekaar kom; en Ek het niks in die geheim gesê nie.

²¹Waarom ondervra u My? Ondervra dié wat gehoor het wat Ek vir hulle gesê het. Hulle weet wat Ek gesê het.”

²²Toe Jesus dit sê, het een van die wagte wat daarby gestaan het, Hom geklap en gesê: “Antwoord jy die hoëpriester so? ”

²³Jesus sê toe vir hom: “As wat Ek gesê het, verkeerd was, sê dan wat was verkeerd; maar as dit reg was, waarom slaan jy My? ”

²⁴Annas het Hom toe geboei na die hoëpriester Kajafas toe gestuur.

Petrus verloën Jesus weer

(Matt. 26:71-75; Mark. 14:69-72; Luk. 22:58-62)

²⁵Simon Petrus het hom nog gestaan en warm maak. Die mense by die vuur vra toe vir hom: “Jy is tog nie ook een van sy dissipels nie? ” Hy het dit ontken en gesê: “Nee, ek is nie! ”

²⁶Een van die hoëpriester se slawe wat familie was van die een wie se oor Petrus afgekap het, vra toe: “Het ek jou dan nie in die tuin by hom gesien nie? ”

²⁷Petrus het dit weer ontken, en net daarna het daar 'n haan gekraai.

Jesus voor Pilatus

(Matt. 27:2,11-21; Mark. 15:1-11; Luk. 23:1-5,13-19)

²⁸Toe het hulle vir Jesus van Kajafas af na die ampswoning van die goewerneur toe gebring. Dit was die môre vroeg. Hulle het self nie in die ampswoning ingegaan nie, sodat hulle nie onrein sou word nie maar die paasmaaltyd sou kon eet.

²⁹Pilatus het buite na hulle toe uitgegaan en gevra: “Watter aanklag bring julle teen hierdie man in? ”

³⁰Hulle het hom geantwoord: “As hy nie 'n misdadiger was nie, sou ons hom nie aan u uitgelewer het nie.”

³¹Pilatus sê toe vir hulle: “Vat julle hom en veroordeel hom volgens julle wet.” Maar die Jode sê vir hom: “Ons mag nie iemand teregstel nie.”

³²Dit het gebeur sodat die woorde van Jesus vervul kon word wat Hy gesê het toe Hy aangedui het op watter manier Hy sou sterwe.

³³Pilatus het toe weer in sy ampswoning ingegaan en Jesus geroep en vir Hom gevra: “Is jy die koning van die Jode? ”

³⁴Jesus het hom toe gevra: “Vra u dit uit u eie, of het ander dit vir u van My gesê? ”

³⁵“Ek is mos nie 'n Jood nie! ” antwoord Pilatus. “Dit is jou volk en jou priesterhoofde wat jou aan my uitgelewer het. Wat het jy gedoen? ”

³⁶“My koninkryk is nie van hierdie wêreld nie,” antwoord Jesus. “As my koninkryk van hierdie wêreld was, sou my onderdane geveg het sodat Ek nie aan die Jode uitgelewer sou word nie. Maar nou is my koninkryk nie van hier nie.”

³⁷“Dan is jy tog wel 'n koning? ” vra Pilatus. “Dit is soos u sê: Ek is 'n koning,” antwoord Jesus. “Ek moet oor die waarheid getuienis aflê. Hiervoor is Ek gebore, en hiervoor het Ek na die wêreld toe gekom. Elkeen wat aan die waarheid behoort, luister na wat Ek sê.”

³⁸“Wat is waarheid? ” sê Pilatus toe vir Hom. En toe hy dit sê, gaan hy weer uit na die Jode toe en sê vir hulle: “Ek vind geen skuld in hom nie.

³⁹Maar julle is gewoon dat ek vir julle gedurende die paasfees iemand loslaat. Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat? ”

⁴⁰Hulle skreeu toe terug: “Nie vir hom nie, maar vir Barabbas! ” En Barabbas was 'n rower.

Johannes 19

Jesus word oorgelewer om gekruisig te word

(Matt. 27:22-31; Mark. 15:12-20; Luk. 23:20-25)

¹Toe het Pilatus vir Jesus geneem en Hom laat gesel.

²Die soldate het 'n doringkroon gevleg en dit op sy kop gesit. Hulle het vir Hom 'n pers mantel aangetrek

³en herhaaldelik nader na Hom toe gekom en gesê: “Ons groet u, Koning van die Jode! ” En elke keer het hulle Hom geklap.

⁴Pilatus het toe weer buitentoe gekom en vir die Jode gesê: “Kyk, ek bring hom vir julle buitentoe, sodat julle kan weet dat ek geen skuld in hom vind nie.”

⁵Toe het Jesus buitentoe gekom, nog so met die doringkroon op en die pers mantel aan. Pilatus sê toe vir hulle: “Dit is die mens! ”

⁶Toe die priesterhoofde en die wagte Hom sien, skreeu hulle: “Kruisig hom! Kruisig hom! ” “Vat julle hom en kruisig hom,” sê Pilatus daarop vir hulle, “want ek vind geen skuld in hom nie.”

⁷Die Jode sê toe vir hom: “Ons het 'n wet, en volgens dié wet moet hy dood, omdat hy hom as die Seun van God voorgedoen het.”

⁸Toe Pilatus dit hoor, het hy nog banger geword.

⁹Hy het weer in sy ampswoning ingegaan en vir Jesus gevra: “Waar kom jy vandaan? ” Jesus het hom egter nie geantwoord nie.

¹⁰Pilatus sê toe vir Hom: “Praat jy nie met my nie? Weet jy nie dat ek die mag het om jou los te laat en ook die mag om jou te kruisig nie? ”

¹¹En Jesus antwoord hom: “U sou geen gesag oor My gehad het as dit nie van Bo aan u gegee was nie. Daarom het hy wat My aan u uitgelewer het, groter skuld.”

¹²Hieroor het Pilatus geprobeer om Hom los te laat; maar die Jode het geskreeu: “As u hom loslaat, is u nie 'n vriend van die keiser nie. Elkeen wat homself as koning voordoën, is in verset teen die keiser.”

¹³Toe Pilatus dit alles hoor, het hy vir Jesus buitentoe gebring en op die regbank gaan sit op die plek wat Klipterras genoem word, in Hebreeus Gabbata.

¹⁴Dit was die voorbereiding vir die paasfees, en dit was omtrent twaalfuur die middag. Hy sê toe vir die Jode: “Hier is julle koning! ”

¹⁵Maar hulle skreeu: “Vat hom weg! Vat hom weg! Kruisig hom! ” Toe vra Pilatus vir hulle: “Moet ek julle koning kruisig? ” Die priesterhoofde antwoord: “Ons het nie 'n koning nie; ons het net die keiser.”

¹⁶Toe het hy Hom op hulle versoek oorgelewer om gekruisig te word, en hulle het Jesus weggeneem.

Jesus word gekruisig

(Matt. 27:32-44; Mark. 15:21-32; Luk. 23:26-43)

¹⁷Jesus het self sy kruis gedra en uitgegaan na Kopbeenplek toe, soos dit genoem is, in Hebreeus Golgota.

¹⁸Daar het hulle Hom gekruisig en saam met Hom twee ander, een aan elke kant, met Jesus in die middel.

¹⁹Pilatus het ook 'n opskrif geskrywe en dit aan die kruis gesit. Daar het geskrywe gestaan: “Jesus van Nasaret, die Koning van die Jode.”

²⁰Baie van die Jode het hierdie opskrif gelees, omdat die plek waar Jesus gekruisig is, naby die stad was. Die opskrif was in Hebreeus, Latyn en Grieks.

²¹Die priesterhoofde van die Jode het toe vir Pilatus gesê: “Moenie skrywe: ‘Die Koning van die Jode’ nie, maar skrywe: Hy het gesê: Ek is die Koning van die Jode.”

²²Pilatus het vir hulle gesê: “Wat ek geskrywe het, het ek geskrywe.”

²³Toe die soldate Jesus dan gekruisig het, het hulle sy boklere gevat en dit in vier dele verdeel, vir elke soldaat 'n deel. Hulle het ook sy onderkleed gevat. Dit was sonder naat van bo af in een stuk geweef.

²⁴Hulle sê toe vir mekaar: “Ons moet dit nie skeur nie. Kom ons loot wie dit moet kry.” Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word waar dit sê: “Hulle het my klere onder mekaar verdeel, en vir my kleed het hulle geloot.” Dit is wat die soldate gedoen het.

²⁵By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan.

²⁶Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar: “Daar is u seun.”

²⁷Daarna sê Hy vir die dissipel: “Daar is jou moeder.” Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.

Jesus sterwe

(Matt. 27:45-56; Mark. 15:33-41; Luk. 23:44-49)

²⁸Hierna het Jesus, met die wete dat alles klaar volbring is en sodat die Skrif vervul kan word, gesê: “Ek is dors.”

²⁹Daar het 'n kan vol suur wyn gestaan. Die soldate het toe 'n spons vol suur wyn op 'n hisoptakkie gesit en dit teen sy mond gehou.

³⁰Nadat Jesus die suur wyn gekry het, het Hy gesê: “Dit is volbring!” Toe het Hy sy kop vooroor laat sak en die laaste asem uitgeblaas.

³¹Dit was Vrydag, en die Jode wou nie hê dat die liggame op die sabbatdag aan die kruis moes bly nie, want daardie sabbatdag was 'n groot dag. Daarom het hulle vir Pilatus gevra dat die mense wat gekruisig is, se bene gebreek en die liggame weggevat moes word.

³²Toe het die soldate gekom en die bene van die eerste een gebreek en ook dié van die tweede een wat saam met Jesus gekruisig is.

³³Toe hulle egter by Jesus kom en sien dat Hy al klaar dood is, het hulle nie sy bene gebreek nie.

³⁴Maar een van die soldate het met 'n spies in sy sy gesteek, en daar het dadelik bloed en water uitgekom.

³⁵Hy wat dit gesien het, lê daarvan getuienis af, en sy getuienis is waar. Hy weet dat hy die waarheid praat, sodat julle ook kan glo.

³⁶Dit het gebeur sodat die Skrif vervul kan word: “Geen been van Hom sal gebreek word nie.”

³⁷En verder sê die Skrif op 'n ander plek: “Hulle sal Hom sien vir wie hulle deurboor het.”

Jesus word begrawe

(Matt. 27:57-61; Mark. 15:42-47; Luk. 23:50-56)

³⁸Hierna het Josef van Arimatea, wat 'n dissipel van Jesus was maar in die geheim, omdat hy vir die Jode bang was, vir Pilatus gevra of hy die liggaam van Jesus mag neem. Pilatus het sy toestemming gegee. Josef het toe gegaan en sy liggaam weggeneem.

³⁹Nikodemus, wat 'n keer in die nag na Jesus toe gekom het, het ook gekom en 'n mengsel van omtrent vyftig liter mirre en aalwyn gebring.

⁴⁰Hulle het die liggaam van Jesus geneem en dit met die geurolie behandel en in doeke toegedraai, soos dit die gebruik van die Jode was om iemand vir die begrafnis uit te lê.

⁴¹By die plek waar Jesus gekruisig is, was daar 'n tuin en in die tuin 'n nuwe graf waarin daar nog niemand begrawe was nie.

⁴²Daar het hulle Jesus begrawe, omdat die sabbatdag vir die Jode al amper aangebreek het en die graf daar naby was.

Johannes 20

Die leë graf

(Matt. 28:1-8; Mark. 16:1-8; Luk. 24:1-12)

¹Die Sondagmôre vroeg, toe dit nog donker was, kom Maria Magdalena by die graf en sien dat die klip van die graf af weggerol is.

²Sy hardloop toe en gaan na Simon Petrus en na die ander dissipel toe vir wie Jesus baie lief was, en sê vir hulle: “Hulle het die Here uit die graf weggevat, en ons weet nie waar hulle Hom nou begrawe het nie.”

³Petrus en die ander dissipel het toe uitgekom en na die graf toe gegaan.

⁴Die twee het saam begin hardloop, maar die ander dissipel het vinniger as Petrus gehardloop en eerste by die graf gekom.

⁵Toe hy vooroor buk, sien hy die doeke lê, maar hy het nie ingegaan nie.

⁶Ná hom het Simon Petrus ook daar aangekom, en hy het in die graf ingegaan. Hy sien toe die doeke daar lê,

⁷ook die doek wat om Jesus se kop was. Dié doek het nie by die ander doeke gelê nie, maar was eenkant afsonderlik opgerol.

⁸Daarna het die ander dissipel, wat eerste by die graf gekom het, ook ingegaan, en hy het dit ook gesien en geglo.

⁹Hulle het nog nie die Skrif verstaan dat Jesus uit die dood moet opstaan nie.

¹⁰Daarna het die dissipels weer huis toe gegaan.

Jesus verskyn aan Maria Magdalena

(Matt. 28:9-10; Mark. 16:9-11)

¹¹Maar Maria het buite by die graf bly staan en huil. Terwyl sy huil, het sy vooroor gebuk om in die graf in te kyk.

¹²Toe sien sy twee engele met wit klere aan daar sit waar die liggaam van Jesus gelê het, een waar die kop en een waar die voete was.

¹³Hulle vra toe vir haar: “Mevrou, waarom huil jy? ” Sy antwoord hulle: “Omdat hulle my Here weggevat het en ek nie weet waar hulle Hom nou begrawe het nie.”

¹⁴Nadat sy dit gesê het, het sy omgedraai en vir Jesus daar sien staan, maar sy het nie geweet dat dit Hy is nie.

¹⁵Jesus vra haar toe: “Mevrou, waarom huil jy? Vir wie soek jy? ” Sy het gedink dit is die tuinopsigter, en sy het vir hom gesê: “Meneer, as u Hom weggevat het, sê vir my waar u Hom begrawe het, en ek sal Hom daar gaan haal.”

¹⁶Jesus het vir haar gesê: “Maria! ” Sy draai na Hom toe en sê in Hebreeus vir Hom: “Rabboeni! ” Dit beteken leermeester.

¹⁷Jesus sê toe vir haar: “Moet My nie vashou nie, want Ek het nog nie na die Vader toe opgevaar nie. Maar gaan na my broers toe en sê vir hulle: ‘Ek vaar op na my Vader toe, wat ook julle Vader is, na my God, wat ook julle God is.’ ”

¹⁸Maria Magdalena het toe vir die dissipels gaan sê: “Ek het die Here gesien! ” En sy het ook vertel wat Hy vir haar gesê het.

Jesus verskyn aan sy dissipels

(Matt. 28:16-20; Mark. 16:14-18; Luk. 24:36-49)

¹⁹Daardie Sondagaand was die dissipels bymekaar. Alhoewel die deure gesluit was omdat hulle bang was vir die Jode, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en vir hulle gesê: “Vrede vir julle! ”

²⁰Nadat Hy dit gesê het, wys Hy sy hande en sy sy vir hulle. Die dissipels was baie bly toe hulle die Here sien.

²¹“Vrede vir julle! ” sê Hy weer vir hulle. “Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook.”

²²Nadat Hy dit gesê het, blaas Hy oor hulle en sê: “Ontvang die Heilige Gees!

²³As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie.”

²⁴Tomas, wat ook Didimus genoem is, een van die twaalf, was nie by die dissipels toe Jesus gekom het nie.

²⁵Die ander dissipels sê toe vir hom: “Ons het die Here gesien! ” Maar hy sê vir hulle: “As ek nie die merke van die spykers in sy hande sien en my vinger in die merke van die spykers steek en my hand in sy sy steek nie, sal ek nooit glo nie.”

Jesus en Tomas

²⁶Ag dae later was Jesus se dissipels weer bymekaar, en Tomas was by hulle. Hoewel die deure gesluit was, het Jesus gekom en tussen hulle gaan staan en gesê: “Vrede vir julle! ”

²⁷Daarna sê Hy vir Tomas: “Bring jou vinger hier en kyk na my hande; en bring jou hand en steek hom in my sy; en moenie langer ongelowig wees nie, maar wees gelowig.”

²⁸En Tomas sê vir Hom: “My Here en my God! ”

²⁹Toe sê Jesus vir hom: “Glo jy nou omdat jy My sien? Gelukkig is dié wat nie gesien het nie en tog glo.”

³⁰Jesus het nog baie ander wondertekens, wat nie in hierdie boek beskrywe is nie, voor sy dissipels gedoen.

³¹Maar hierdie wondertekens is beskrywe sodat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in sy Naam die lewe kan hê.

Johannes 21

Jesus verskyn nog 'n keer aan sy dissipels

¹Daarna het Jesus weer aan sy dissipels verskyn, by die See van Tiberias. Dit het só gebeur:

²Simon Petrus en Tomas, wat ook Didimus genoem is, Natanael van Kana in Galilea, die seuns van Sebedeus en nog twee ander dissipels was daar saam.

³Simon Petrus sê toe vir hulle: “Ek gaan visvang.” “Ons gaan ook saam met jou,” sê hulle vir hom. Hulle het gegaan en in die skuit geklim, maar daardie nag het hulle niks gevang nie.

⁴Toe dit al lig was, het Jesus daar op die strand gestaan, maar die dissipels het nie geweet dat dit Hy is nie.

⁵Jesus vra toe vir hulle: “Mense, het julle nie iets gevang om te eet nie?” “Nee,” antwoord hulle Hom.

⁶Hy sê toe vir hulle: “Gooi die net aan die regterkant van die skuit uit, dan sal julle iets kry.” Hulle het die net toe daar uitgegooi, en vanweë die groot klomp vis kon hulle hom nie weer intrek nie.

⁷Die dissipel vir wie Jesus baie lief was, sê toe vir Petrus: “Dit is die Here!” Toe Simon Petrus hoor dat dit die Here is, het hy sy hemp aangetrek — want sy bolyf was kaal — en in die water gespring.

⁸Hulle was nie ver van die land af nie, net omtrent honderd tree. Die ander dissipels het met die skuitjie gekom en die net met die visse gesleep.

⁹Toe hulle aan land kom, sien hulle 'n vuur brand en 'n stuk vis daarop lê. Daar was brood ook.

¹⁰Jesus sê toe vir hulle: “Bring van die vis wat julle nou net gevang het.”

¹¹Simon Petrus het toe in die skuit geklim en die net op die land getrek. Dit was vol groot visse, honderd drie en vyftig, en alhoewel daar so baie was, het die net nie geskeur nie.

¹²Toe sê Jesus vir hulle: “Kom eet.” Nie een van die dissipels het sover gekom om vir Hom te vra: “Wie is U?” nie. Hulle het geweet dat dit die Here is.

¹³Jesus kom toe, neem die brood en gee dit vir hulle, en net so ook die vis.

¹⁴Dit was al die derde keer dat Jesus aan sy dissipels verskyn het nadat Hy uit die dood opgewek is.

Petrus kry opnuut sy opdrag

¹⁵Toe hulle klaar geëet het, vra Jesus vir Simon Petrus: “Simon seun van Johannes, het jy My baie lief, meer as hulle hier? ” “Ja, Here,” antwoord hy Hom, “U weet dat ek U liefhet.” Hy sê toe vir hom: “Laat my lammers wei.”

¹⁶Jesus vra hom weer 'n tweede keer: “Simon seun van Johannes, het jy My baie lief? ” “Ja, Here,” antwoord hy Hom, “U weet dat ek U liefhet.” Hy sê toe vir hom: “Pas my skape op.”

¹⁷Jesus vra hom die derde keer: “Simon seun van Johannes, het jy My lief? ” Petrus het bedroef geword omdat Jesus hom die derde keer gevra het: “Het jy My lief? ” en hy antwoord Hom: “Here, U weet alles. U weet dat ek U liefhet.” Hy sê toe vir hom: “Laat my skape wei.

¹⁸Dit verseker Ek jou: Toe jy jonger was, het jy self jou klere vasmemaak en gegaan waar jy wil; maar wanneer jy oud is, sal jy jou hande uitsteek, en iemand anders sal jou vasmaak en jou bring waar jy nie wil wees nie.”

¹⁹Dit het Jesus gesê en daarmee aangedui deur watter soort dood Petrus God sou verheerlik. Daarna sê Hy vir hom: “Volg My! ”

Die dissipel vir wie Jesus baie lief was

²⁰Toe Petrus omdraai, sien hy die dissipel volg vir wie Jesus baie lief was, wat ook by die maaltyd na Jesus se kant toe oorgeleun en gevra het: “Here, wie is u verraaier? ”

²¹Toe Petrus hom dan sien, vra Petrus vir Jesus: “Here, en wat van hom? ”

²²Jesus antwoord hom: “As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie. Volg jy My! ”

²³Die gerug het toe onder die broers versprei dat daardie dissipel nie sal sterwe nie. Jesus het egter nie vir Petrus gesê dat daardie dissipel nie sal sterwe nie, maar: “As Ek wil hê dat hy in die lewe moet bly totdat Ek weer kom, is dit nie jou saak nie.”

²⁴Dit is die dissipel wat oor al hierdie dinge getuienis aflê en dit beskrywe het, en ons weet dat sy getuienis waar is.

²⁵Daar is nog baie ander dinge wat Jesus gedoen het. Maar as dit een vir een beskrywe moet word, dink ek, sou die hele wêreld nie genoeg plek vir die boeke hê nie.

Handelinge

Handelinge 1

Die belofte van die Heilige Gees

¹My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af

²tot op die dag van sy hemelvaart. Voordat Hy in die hemel opgeneem is, het Hy deur die Heilige Gees bevele gegee aan die manne wat Hy as apostels uitgekies het.

³Ná sy dood het Hy aan hulle met baie onbetwisbare bewyse ook getoon dat Hy lewe. In die loop van veertig dae het Hy by verskeie geleenthede aan hulle verskyn en met hulle oor die dinge van die koninkryk van God gepraat.

⁴Terwyl Hy 'n keer saam met hulle aan tafel was, het Hy hulle beveel: “Moenie van Jerusalem af weggaan nie, maar bly wag op die gawe wat die Vader belowe het, soos julle van My gehoor het.

⁵Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal binne 'n paar dae met die Heilige Gees gedoop word.”

⁶Toe hulle 'n keer weer bymekaar was, het hulle vir Jesus gevra: “Here, is dit nou die tyd dat U die koninkryk vir Israel weer gaan oprig? ”

⁷Hy het hulle geantwoord: “Dit is nie vir julle om die tyd en omstandigheid te weet wat die Vader in sy eie mag bepaal het nie.

⁸Maar julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom, en julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judea en in Samaria en tot in die uithoeke van die wêreld.”

Jesus se hemelvaart

⁹Nadat Hy dit gesê het, is Hy opgeneem terwyl hulle dit sien, en 'n wolk het Hom weggeneem, sodat hulle Hom nie langer kon sien nie.

¹⁰Terwyl Hy weggaan en hulle nog stip na die hemel kyk, het daar skielik twee mans in wit klere by hulle gestaan.

¹¹Dié sê toe vir hulle: “Galileërs, waarom staan julle so na die hemel en kyk? Hierdie Jesus wat van julle af na die hemel toe opgeneem is, sal net so terugkom soos julle Hom na die hemel toe sien opgaan het.”

Judas se opvolger

¹²Daarna het hulle na Jerusalem toe teruggegaan van die berg af. Dit is die Olyfberg, vlak by die stad, 'n sabbatsreis ver.

¹³In die stad aangekom, is hulle na die bovertrek toe waar hulle gewoonlik vertoef het. Dit was Petrus en Johannes, Jakobus en Andreas, Filippus en Tomas, Bartolomeus en Matteus, Jakobus seun van Alfeus, Simon die Seloot en Judas seun van Jakobus.

¹⁴Hulle het almal eensgesind volhard in die gebed saam met 'n aantal vroue, onder wie ook Maria die moeder van Jesus. Sy broers was ook by.

¹⁵In daardie tyd was daar 'n byeenkoms van die sowat honderd en twintig gelowiges. Petrus het die leiding geneem en gesê:

¹⁶⁻¹⁷“Broers, die Skrifwoord wat die Heilige Gees tevore by monde van Dawid oor Judas uitgespreek het, moes vervul word. Hy is as een van ons gereken en is ook gekies om 'n aandeel in ons werk te hê, maar hy het die gids geword van dié wat vir Jesus gevange geneem het.

¹⁸“Met die geld wat Judas vir sy misdaad gekry het, het hy 'n stuk grond gekoop. Daar het hy vooroor geval en oopgebars, en al sy ingewande het uitgepeul.

¹⁹Dit het bekend geword onder al die inwoners van Jerusalem. Daarom word die plek in hulle taal Akeldama genoem. Dit beteken Bloedgrond.

²⁰“In die boek van die Psalms staan daar: “Laat sy woonplek leeg word; laat niemand daarin woon nie, “en: “Laat 'n ander sy amp oorneem.

²¹⁻²²“Daar moet dus nog 'n getuie van Jesus se opstanding by ons gevoeg word. Dit moet een van die manne wees wat saam met ons rondgegaan het die hele tyd toe die Here Jesus in die openbaar opgetree het, vandat Hy deur Johannes gedoop is totdat Hy van ons af in die hemel opgeneem is.”

²³Hulle stel toe twee voor: Josef, wat ook Barsabbas of Justus genoem word, en Mattias.

²⁴En die gelowiges het gebid: “Here, U wat die harte van almal ken, wys die een aan wat U uit hierdie twee verkies het

²⁵om as apostel te dien in die plek wat Judas leeg gelaat het toe hy gegaan het na waar hy hoort.”

²⁶Hulle het geloot, en die loting het vir Mattias aangewys. So is hy gekies as die twaalfde apostel.

Handelinge 2

Die uitstorting van die Heilige Gees

¹Toe die dag van die pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar.

²Skielik was daar 'n geluid uit die hemel soos van 'n geweldige stormwind, en dit het die hele vertrek gevul waar hulle gesit het.

³Hulle het iets soos vuur gesien wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het.

⁴Almal is met die Heilige Gees vervul en hulle het in ander tale begin praat soos die Heilige Gees dit aan hulle gegee het om onder sy leiding te doen.

⁵Daar het godsdienstige Jode uit al die nasies onder die son in Jerusalem gewoon.

⁶Toe die mense die geluid hoor, het 'n groot skare saamgedrom. En omdat elkeen gehoor het hoe daar in sy eie taal gepraat word, het hulle nie geweet hoe hulle dit het nie.

⁷Verras en verbaas sê hulle toe: “Die mense wat daar praat, is tog almal Galileërs.

⁸Hoe hoor elkeen van ons dan sy eie moedertaal?

⁹Perse, Mediërs en Elamiete, sowel as die inwoners van Mesopotamië, Judea en Kappadosië, Pontus en die provinsie Asië,

- ¹⁰Frigië en Pamfilië, Egipte en die dele van Libië om Sirene, mense uit Rome,
- ¹¹Jode sowel as heidene wat die Joodse geloof aangeneem het, Kretensers en Arabiere — ons hoor hulle in ons eie tale praat oor die groot dinge wat God gedoen het.”
- ¹²Hulle was almal verbaas en uit die veld geslaan. Party het vir mekaar gevra: “Wat kan dit tog beteken? ”
- ¹³Maar party het gespot en gesê: “Hulle is dronk.”

Petrus se toespraak op die pinksterdag

- ¹⁴Toe staan Petrus saam met die elf ander apostels op en onder leiding van die Heilige Gees spreek hy die mense toe: “Jode en julle almal wat in Jerusalem woon, ek moet vir julle verduidelik wat gebeur het. Luister na wat ek gaan sê:
- ¹⁵Hierdie mense is nie dronk soos julle dink nie, want dit is nog maar nege-uur in die môre.
- ¹⁶Nee, hier gebeur wat God deur die profeet Joël gesê het:
- ¹⁷“Só sal dit in die laaste dae wees, sê God: Ek sal my Gees uitstort op alle mense: julle seuns en julle dogters sal as profete optree; julle jongmense sal gesigte sien; julle oumense sal drome droom.
- ¹⁸Ja, op my dienaars en my dienaresses sal Ek in daardie dae my Gees uitstort, en hulle sal as profete optree.
- ¹⁹Ek sal tekens bo in die lug en wonders onder op die aarde gee: bloed en vuur en rookwolke.
- ²⁰Die son sal pikdonker word en die maan bloedrooi voordat die groot en glorieryke dag van die Here kom.
- ²¹So sal dit dan wees: elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.
- ²²“Israeliete, luister na hierdie woorde! God het Jesus van Nasaret aan julle bekend gestel deur die kragtige dae, die wonders en die tekens wat God Hom by julle laat doen het. Daarvan weet julle self.

²³God het besluit en dit vooruit bepaal om Hom aan julle uit te lewer, en julle het Hom deur heidene aan die kruis laat spyker en Hom doodgemaak.

²⁴Maar God het Hom van die smarte van die dood verlos en Hom uit die dood laat opstaan. Dit was immers vir die dood onmoontlik om Hom gevange te hou.

²⁵Van Hom sê Dawid: “Ek het die Here altyd voor oë. Hy is aan my regterhand; ek sal nie wankel nie.

²⁶Daarom is my hart bly en my tong jubel, ja meer, ek het die verwagting dat my liggaam sal lewe,

²⁷want U sal my nie aan die doderyk oorlaat nie; U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.

²⁸U het my die paaie van die lewe geleer; u teenwoordigheid sal my met vreugde vul.

²⁹“Broers, wat ons voorvader Dawid betref, moet ek dit vir julle duidelik stel: Hy het gesterwe en is begrawe, en sy graf is nou nog hier by ons.

³⁰Maar hy was 'n profeet en hy het geweet dat God met 'n eed aan hom belowe het dat een van sy nakomelinge op sy troon sou sit.

³¹Daarom het hy die opstanding van die Christus vooruit gesien en gesê: “Hy is nie aan die doderyk oorgelaat nie, en sy liggaam het nie vergaan nie.

³²“God het hierdie Jesus uit die dood laat opstaan; daarvan is ons almal getuies.

³³Hy is verhoog aan die regterhand van God en Hy het die Heilige Gees wat belowe is, van die Vader ontvang en uitgestort. Dit is wat julle nou sien en hoor.

³⁴Dawid het nie na die hemel toe opgevaar nie, en tog sê hy: “Die Here het vir my Here gesê: Sit aan my regterhand

³⁵totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het.

³⁶“Die hele Israel moet nou vas en seker weet: God het hierdie Jesus, wat julle gekruisig het, Here en Christus gemaak! ”

Die eerste bekeerdes

³⁷By die aanhoor hiervan is die mense diep getref en het hulle vir Petrus en die ander apostels gevra: “Wat moet ons doen, broers? ”

³⁸Toe antwoord Petrus hulle: “Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang.

³⁹Wat God belowe het, is vir julle en vir julle kinders en vir almal wat daar ver is, vir almal wat die Here ons God na Hom toe sal roep.”

⁴⁰Met nog baie ander woorde het Petrus getuig en hulle aangespoor: “Laat julle red tussen hierdie ontaarde mense uit.”

⁴¹Dié wat sy woorde aangeneem het, is gedoop, en omtrent drie duisend mense is op daardie dag by die getal van die gelowiges gevoeg.

⁴²Hulle het hulle heelhartig toegelê op die leer van die apostels en die onderlinge verbondenheid, die gemeenskaplike maaltyd en die gebede.

Die eerste gemeente

⁴³Die apostels het baie wonders en tekens gedoen, en dit het almal met diep ontsag vervul.

⁴⁴Al die gelowiges was eensgesind en het alles met mekaar gedeel.

⁴⁵Hulle het hulle grond en besittings verkoop en die geld aan almal uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

⁴⁶Hulle het almal elke dag getrou by die tempel bymekaargekom, van huis tot huis die gemeenskaplike maaltyd gehou, hulle kos met blydschap en in alle eenvoud geëet,

⁴⁷en God geprys. Die hele volk was hulle goedgesind. En die Here het elke dag mense wat gered word, by die gemeente gevoeg.

Handelinge 3

Die genesing van die verlamde man

¹Een middag om drie-uur, die tyd van die gebed, was Petrus en Johannes op pad tempel toe.

²Net toe word daar 'n man aangedra wat van sy geboorte af lam was. Sy mense het hom elke dag by die tempelpoort wat Mooipoort genoem is, neergesit om by die tempelgangers te bedel.

³Toe hy vir Petrus en Johannes sien, net voor hulle in die tempel ingaan, het hy van hulle iets gevra.

⁴Petrus en Johannes kyk hom toe stip aan, en Petrus sê: “Kyk na ons.”

⁵Toe kyk die man na hulle in die hoop dat hy iets van hulle gaan kry.

⁶Maar Petrus sê: “Geld het ek nie; maar wat ek het, gee ek vir jou: in die Naam van Jesus Christus van Nasaret, staan op en loop! ”

⁷Hy vat toe die man se regterhand en help hom op, en onmiddellik het sy voete en enkels sterk geword.

⁸Hy het opgespring en regop gestaan, en hy kon loop. Daarna het hy saam met hulle in die tempel ingegaan terwyl hy geloop en gespring en God geprys het.

⁹Al die mense het gesien dat hy loop en God prys;

¹⁰maar toe hulle besef dat dit hy is wat voor die tempel by die Mooipoort gesit en bedel het, was hulle baie verbaas en verwonder oor wat daar met hom gebeur het.

Petrus se toespraak in die Pilaargang van Salomo

¹¹Die man het vir Petrus en Johannes bly volg, en die mense wat almal uiters verbaas was, het na hulle toe gestroom in die Pilaargang van Salomo, soos dit genoem is.

¹²Toe Petrus dit sien, het hy hulle toegesprek: “Israeliete, hoekom is julle hieroor verbaas? Wat staar julle ons so aan asof ons deur ons eie krag of vroomheid gemaak het dat hierdie man loop?

¹³Die God van Abraham, die God van Isak, die God van Jakob, die God van ons voorvaders, het aan Jesus, sy Dienaar, goddelike eer gegee — aan Hom vir wie julle uitgelewer en voor Pilatus verwerp het toe hy beslis het dat Hy vrygelaat moes word.

¹⁴Hy was heilig en opreg, maar julle het Hom verwerp en gevra dat daar vir julle 'n moordenaar begenadig moet word.

¹⁵So het julle Hom, die Leidsman na die lewe toe, doodgemaak, maar God het Hom uit die dood opgewek, en daarvan is ons getuies.

¹⁶Deur die geloof in sy Naam het Hy die bene van hierdie man, wat julle sien en ken, sterk gemaak. Die geloof wat van Hom kom, het die man volkome herstel, hier voor julle almal.

¹⁷“Nou weet ek, broers, dat julle net soos julle leiers in onkunde gehandel het.

¹⁸Tog het God reeds vroeër by monde van al die profete aangekondig dat die Christus sou ly. So het Hy dit nou laat gebeur.

¹⁹Daarom, bekeer julle en kom tot inkeer. Dan sal God julle sondes uitwis.

²⁰En dan sal daar tye van verkwikking van die Here af kom en sal Hy Jesus stuur, wat vooraf vir julle as die Christus aangewys is.

²¹Hy moet in die hemel bly totdat God alles nuut gemaak het. Dit het God reeds lank gelede deur sy heilige profete gesê.

²²Moses het immers gesê: ‘Die Here julle God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom. Gehoorsaam Hom in alles wat Hy vir julle sal sê.

²³Elkeen wat nie hierdie Profeet gehoorsaam nie, moet van die volk afgesny word.’

²⁴En al die profete van Samuel af en daarna, almal wat opgetree het, het ook aangekondig wat in hierdie tyd gebeur.

²⁵Die dinge waarvan die profete gepraat het, is vir julle bedoel, en julle het deel aan die verbond wat God met julle voorvaders gesluit het. Hy het vir Abraham gesê: ‘Jou nakomeling sal vir al die volke van die aarde tot 'n seën wees.’

²⁶Daarom het God sy Dienaar na die wêreld toe laat kom en Hom heel eerste na julle toe gestuur om vir julle tot 'n seën te wees deur elkeen van julle van sy verkeerde paaie af terug te bring.”

Handelinge 4

Petrus en Johannes voor die Joodse Raad

¹Petrus en Johannes was nog besig om met die mense te praat toe die priesters, die bevelvoerder van die tempelwag en die Sadduseërs op Petrus-hulle afstorm.

²Die priesters en die ander was onthuts omdat die apostels die mense geleer het en verkondig het dat die opstanding uit die dood deur Jesus se opstanding 'n werklikheid geword het.

³Hulle het Petrus en Johannes gevange geneem, en hulle, omdat dit al laat was, in die tronk gesit tot die volgende môre.

⁴Tog het baie van die mense wat hulle prediking gehoor het, gelowig geword; en die getal gelowiges het aangegroei tot omtrent vyf duisend.

⁵Die volgende môre het die raadslede, die familiehoofde en die skrifgeleerdes in Jerusalem vergader.

⁶Ook die hoëpriester Annas, en Kajafas, Johannes, Aleksander en al die ander lede van die hoëpriesterlike familie was teenwoordig.

⁷Hulle het die apostels voor hulle laat bring en hulle ondervra: “Deur watter krag en in wie se naam het julle dit gedoen? ”

⁸Toe het Petrus, vol van die Heilige Gees, vir hulle gesê: “Raadslede van die volk, en familiehoofde,

⁹julle verhoor ons vandag oor 'n weldaad aan 'n siek man en oor hoe hy gesond gemaak is.

¹⁰Julle almal en die hele volk Israel moet weet dat dit in die Naam van Jesus Christus van Nasaret is dat hy hier gesond voor julle staan — dié Jesus vir wie julle gekruisig het, maar wat God uit die dood opgewek het.

¹¹Hy is “die klip wat deur julle, die bouers, afgekeur is. Juis Hy het die belangrikste klip in die gebou geword.

¹²“Hý bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.”

¹³Die Joodse Raad was verbaas toe hulle Petrus en Johannes se vrymoedigheid sien, want die Raad het geweet dit is maar ongeleerde en eenvoudige mense. Die raadslede het hulle ook herken as volgelingen van Jesus.

¹⁴En toe hulle nog boonop die gesonde man by die apostels sien staan, kon hulle niks teen hulle inbring nie.

¹⁵Die raadslede het hulle toe beveel om die raadsaal te verlaat en het die saak met mekaar bespreek.

¹⁶“Wat gaan ons met hierdie mense maak? ” het hulle gevra. “Dat 'n onmiskenbare wonder deur hulle plaasgevind het, is vir al die inwoners van Jerusalem duidelik. Ons kan dit nie ontken nie.

¹⁷Maar om te voorkom dat hierdie dinge nog verder onder die volk versprei, moet ons hulle met dreigemente verbied om weer in die Naam van Jesus met iemand te praat.”

¹⁸Daarna het die Raad die apostels weer laat inkom en hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie.

¹⁹Maar Petrus en Johannes het vir hulle gesê: “Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan julle gehoorsaam te wees of aan God.

²⁰Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie.”

²¹Nadat die Raad die apostels daarby nog ernstig gedreig het, het hulle hulle losgelaat. Hulle het dit gedoen omdat hulle geen rede kon vind om hulle te straf nie en vanweë die houding van die volk, want al die mense het God geprys oor wat daar gebeur het.

²²Die man wat deur hierdie wonder gesond geword het, was immers al oor die veertig.

Die gebed van die gelowiges

²³Nadat Petrus en Johannes losgelaat is, het hulle na hulle medegelowiges toe gegaan en vir hulle vertel wat die priesterhoofde en die familiehoofde alles vir hulle gesê het.

²⁴Toe hulle dit hoor, het hulle almal saam tot God gebid en gesê: “Here, dit is U wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het.

²⁵En U het deur die Heilige Gees by monde van ons voorvader Dawid, u dienaar, gesê: “Waarom het heidennasies te kere gegaan, en het volke sinlose planne beraam?

²⁶Die konings van die aarde het in opstand gekom, en die heersers het saamgespan teen die Here en teen sy Gesalfde.

²⁷“Dit is wat werklik in hierdie stad gebeur het. Herodes en Pontius Pilatus het met heidennasies en die volk Israel saamgespan teen u heilige Dienaar, Jesus, wat deur U gesalf is,

²⁸en hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het.

²⁹“En nou, Here, kyk hoe dreig hulle ons. Gee dat u dienaars met volle vrymoedigheid u woord sal verkondig.

³⁰Laat u hand genesing bring, en laat daar tekens en wonders plaasvind deur die Naam van u heilige Dienaar, Jesus.”

³¹Nadat hulle gebid het, het die plek waar hulle bymekaar was, geskud. Hulle is almal met die Heilige Gees vervul en het met vrymoedigheid die woord van God verkondig.

Onderlinge mededeelsaamheid

³²Die groot getal wat gelowig geword het, was een van hart en siel. Niemand het sy goed net vir homself gehou nie, maar hulle het alles met mekaar gedeel.

³³Die apostels het kragdadig getuig dat die Here Jesus uit die dood opgestaan het, en die genade van God was groot oor hulle almal.

³⁴Nie een van hulle het gebrek gely nie, want dié wat grond of huise besit het, het dit verkoop en die verkoopprijs daarvan gebring

³⁵en vir die apostels gegee. Dié het dit dan uitgedeel volgens elkeen se behoefte.

³⁶Josef 'n Leviet wat op Siprus gebore is en wat deur die apostels Barnabas genoem is — dit beteken iemand wat mense moed inpraat —

³⁷het ook die grond wat hy gehad het, verkoop en die geld gebring en dit vir die apostels gegee.

Handelinge 5

Ananias en Saffira

¹Maar daar was ook 'n sekere man, Ananias, en sy vrou, Saffira, wat 'n eiendom verkoop het.

²Met die medewete van sy vrou het hy van die verkoopprijs vir hulleself agtergehou en net 'n gedeelte daarvan gebring en vir die apostels gegee.

³Petrus sê toe vir hom: “Ananias, hoekom het jy jou deur die Satan laat omhaal om vir die Heilige Gees te lieg en van die verkoopprijs van die grond vir jouself agter te hou?

⁴Die grond was mos joune, en toe dit verkoop is, kon jy met die geld maak het wat jy wou. Wat het jou besiel om dit te doen? Jy het nie vir mense gelieg nie maar vir God.”

⁵Toe Ananias dit hoor, het hy dood neergeval; en al die ander wat dit gehoor het, het baie bang geword.

⁶'n Paar van die jonges het nader gekom, hom toegedraai en gaan begrawe.

⁷Omtrent drie uur later het sy vrou daar aangekom, onbewus van wat gebeur het.

⁸Petrus vra toe vir haar: “Sê vir my, het julle die grond vir soveel verkoop? ”
“Ja,” sê sy, “vir soveel.”

⁹Toe sê Petrus vir haar: “Waarom het julle ooreengekom om die Gees van die Here uit te tart? Die mense wat jou man begrawe het, is nou net weer by die deur, en hulle sal jou ook uitdra.”

¹⁰Sy het onmiddellik voor Petrus dood neergeval. Die jongmanne het ingekom, gesien sy is dood, en haar by haar man gaan begrawe.

¹¹Die hele gemeente en al die ander mense wat hiervan gehoor het, het baie bang geword.

Baie tekens en wonders

¹²Deur die apostels het daar baie tekens en wonders onder die volk plaasgevind. En al die gelowiges het gereeld saamgekom in die Pilaargang van Salomo,

¹³maar van die ander mense het niemand dit gewaag om by hulle aan te sluit nie al het die volk hulle hoog geag.

¹⁴Tog is baie mense wat in die Here geglo het, mans sowel as vrouens, algaande by hulle getal gevoeg.

¹⁵Die mense het selfs siekes op straat uitgedra en hulle daar op draagbare en beddens neergesit sodat, as Petrus daar verbygaan, al is dit maar net sy skaduwee op party van hulle kon val.

¹⁶Daar het ook baie mense van die dorpe in die omgewing van Jerusalem af gekom en siekes gebring en mense wat onder onrein geeste gely het. Hulle is almal gesond gemaak.

Die vervolging van die apostels

¹⁷Die hoëpriester en al sy ondersteuners, wat aan die party van die Sadduseërs behoort het, is met afguns vervul en het besluit om in te gryp.

¹⁸Hulle het die apostels oop en bloot laat vang en in die tronk gestop.

¹⁹Maar 'n engel van die Here het in die nag die tronkdeure oopgemaak, die apostels uitgelei en vir hulle gesê:

²⁰“Gaan staan in die tempel en verkondig aan die volk die volle boodskap van hierdie nuwe lewe.”

²¹Hulle het gehoor gegee en die môre vroeg na die tempel toe gegaan en die mense geleer. Intussen het die hoëpriester en sy ondersteuners die leiers van Israel vir 'n volle vergadering van die Joodse Raad bymekaargeroep en wagte na die tronk toe gestuur om die apostels te gaan haal.

²²Maar toe die wagte daar kom, het hulle hulle nie in die tronk gekry nie. Hulle het teruggekom en vertel:

²³“Ons het die tronk behoorlik toegesluit gekry en die bewaarders op hulle pos voor die deure; maar toe ons oopmaak en ingaan, was daar niemand nie.”

²⁴Toe die bevelvoerder van die tempelwag en die priesterhoofde dit hoor, was hulle uit die veld geslaan en hulle het gewonder wat van die apostels geword het.

²⁵Net toe kom daar iemand en sê vir hulle: “Weet julle, die mans vir wie julle in die tronk gesit het, staan daar in die tempel en leer die volk! ”

²⁶Toe het die bevelvoerder en die wagte die apostels gaan haal, maar sonder geweld, omdat hulle bang was die volk steek hulle onder die klippe.

²⁷Hulle het hulle voor die Raad gebring, en die hoëpriester sê toe vir hulle:

²⁸“Het ons julle nie uitdruklik belet om die mense in hierdie Naam te leer nie? En nou lê die hele Jerusalem vol van julle leer! Boonop wil julle ons ook nog verantwoordelik hou vir hierdie man se dood.”

²⁹Petrus en die ander apostels het geantwoord: “'n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense!

³⁰Die God van ons voorvaders het Jesus uit die dood opgewek nadat julle Hom vermoor het deur Hom aan die kruis te hang.

³¹God het Hom verhoog tot Leidsman en Verlosser aan sy regterhand, sodat Hy Israel tot bekering kan bring en hulle sondes kan vergewe.

³²En ons is getuies hiervan, ons en die Heilige Gees wat deur God gegee is aan dié wat aan Hom gehoorsaam is.”

³³Toe die Raad dit hoor, was hulle woedend, en hulle wou die apostels doodmaak.

³⁴Een van die Fariseërs in die Raad, 'n man met die naam Gamaliël, wat as leermeester van die wet van Moses by die hele volk in hoë aansien was, het toe opgestaan en gevra dat die apostels 'n rukkie buitentoe gevat moet word.

³⁵Daarna sê hy vir die Raad: “Israeliete, julle moet versigtig wees wat julle met hierdie mense gaan doen.

³⁶'n Tyd gelede was daar die geval van Teudas, wat in opstand gekom en daarop aanspraak gemaak het dat hy iemand van betekenis is. Hy het 'n aanhang gekry van omtrent vier honderd man. Hy is doodgemaak, en al sy volgelinge is verstrooi, en die opstand het op niks uitgeloop nie.

³⁷Daarna was dit Judas die Galileër, wat in die tyd van die volkstelling in opstand gekom het met 'n deel van die volk agter hom aan. Ook hy is om die lewe gebring, en al sy volgelinge is uitmekaar gejaag.

³⁸Wat die huidige geval betref, my raad aan julle is: Laat staan hierdie mense en laat hulle los, want as wat hulle wil en wat hulle doen, mensewerk is, sal daar niks van kom nie.

³⁹Maar as dit van God kom, sal julle hulle nie kan keer nie. Moenie dat dit dalk later blyk dat julle selfs teen God gestry het nie! ” Die Raad het na hom geluister.

⁴⁰Hulle het die apostels ingeroep, hulle laat slaan en hulle belet om weer in die Naam van Jesus te praat. Daarna het hulle hulle losgelaat.

⁴¹Die apostels het van die Raad af weggegaan, bly dat hulle bevoorreg was om ter wille van die Naam van Jesus vernedering te ly.

⁴²En hulle het nie opgehou om die mense elke dag in die tempel en in hulle huise te leer en die evangelie te verkondig dat Jesus die Christus is nie.

Handelinge 6

Sewe diakens word gekies

¹In daardie tyd, toe die gelowiges nog steeds meer geword het, het daar teen die Hebreussprekendes klagtes gekom van die Griekssprekendes dat hulle weduwees in die daaglikse versorging afgeskeep word.

²Die twaalf apostels roep toe al die gelowiges bymekaar en sê vir hulle: “Dit is nie reg dat ons die verkondiging van die woord van God verwaarloos om die versorging te kan behartig nie.

³Nou, broers, soek sewe mans onder julle uit wat daarvoor bekend is dat hulle vol van die Heilige Gees is en wysheid het, sodat ons hulle vir hierdie taak kan aanstel.

⁴Ons sal dan al ons aandag aan gebed en die bediening van die woord bly gee.”

⁵Die voorstel het by al die gelowiges byval gevind, en hulle het Stefanus gekies, 'n man met 'n vaste geloof en vol van die Heilige Gees, en verder Filippus, Progorus, Nikanor, Timon, Parmenas, en Nikolaus wat van Antiogië afkomstig was en vantevore uit die heidendom tot die Jodedom oorgegaan het.

⁶Die gelowiges het hulle voor die apostels gebring, en dié het vir hulle gebid en hulle die hande opgelê.

⁷Die woord van God het verder versprei, en die getal gelowiges in Jerusalem het geweldig toegeneem. Selfs 'n groot aantal priesters het gelowig geword.

Stefanus word gevange geneem

⁸Stefanus, aan wie God baie genade en krag gegee het, het groot wonders en tekens onder die volk gedoen.

⁹Party van die lede van die Sinagoge van die Vrygelate Slawe, soos dit genoem is, wat bestaan het uit Jode wat van Sirene en Aleksandrië afkomstig was, het toe saam met Jode wat van die provinsies Silisië en Asië gekom het, met Stefanus begin redeneer.

¹⁰Hulle was egter nie opgewasse teen die wysheid wat hy van die Gees ontvang het en waarmee hy gepraat het nie.

¹¹Toe het hulle mense omgekoop om te sê: “Ons het hom teen Moses en God hoor laster.”

¹²Hulle het die volk en die familiehoofde en die skrifgeleerdes opgesweep. Dié het op hom afgestorm, hom gegryp en voor die Joodse Raad gebring

¹³en vals getuies gekry om te sê: “Hierdie man wil nie ophou om dinge teen die heilige tempel en die wet van Moses te sê nie.

¹⁴Ons het hom hoor sê dat hierdie Jesus van Nasaret die tempel sal afbreek en die voorskrifte wat Moses vir ons gegee het, sal verander.”

¹⁵Toe al die lede van die Raad stip na Stefanus sit en kyk, sien hulle dat sy gesig soos dié van 'n engel lyk.

Handelinge 7

Stefanus se toespraak

¹Die hoëpriester vra toe vir Stefanus: “Is dit waar? ”

²Toe sê Stefanus: “Broers en vaders, luister na My! God, aan wie al die eer toekom, het aan ons voorvader Abraham verskyn toe hy nog in Mesopotamië was, voordat hy in Haran gaan woon het.

³God het vir hom gesê: ‘Trek uit jou vaderland uit, weg van jou familie af, en gaan na die land toe wat Ek vir jou sal wys.’

⁴Abraham het toe die land van die Galdeërs verlaat en in Haran gaan woon. Ná sy pa se dood het God hom daarvandaan laat trek na hierdie land toe waarin julle vandag woon.

⁵God het hom geen eiendom in hierdie land gegee nie, selfs nie 'n handbreedte daarvan nie. Maar Hy het wel belowe om dit as besitting vir hom te gee, en ná hom vir sy nageslag, alhoewel hy nog nie 'n kind gehad het nie.

⁶God het só gesê: ‘Sy nageslag sal bywoners wees in 'n land wat aan ander behoort. Daar sal hulle slawe wees en vier honderd jaar lank baie swaar kry.

⁷Maar Ek sal die nasie straf wat hulle as slawe aanhou.’ Verder het God gesê: ‘Daarna sal hulle wegtrek en My op hierdie plek dien.’

⁸God het met Abraham 'n verbond gesluit waarvan die besnydenis die teken is. So het dit gekom dat Abraham sy seun Isak op die agste dag na sy geboorte

besny het. Isak het dieselfde gedoen met Jakob, en Jakob met die twaalf stamvaders.

⁹“Uit jaloesie het die stamvaders vir Josef as slaaf verkoop, en so is hy Egipte toe. Maar God was by hom

¹⁰en het hom uit al sy ellende gered. God het aan Josef wysheid gegee, sodat hy in die guns van die farao, die koning van Egipte, gekom het. Die farao het hom as onderkoning van Egipte en as hoof van sy hele koninklike hof aangestel.

¹¹Later het daar hongersnood in die hele Egipte en ook in Kanaän gekom. Die nood was hoog, en ook ons voorouers kon nie kos in die hande kry nie.

¹²Toe Jakob hoor dat daar kos in Egipte is, het hy ons voorvaders op hulle eerste reis daarheen gestuur.

¹³Op hulle tweede reis het Josef hom aan sy broers bekend gemaak. Toe het die farao ook van Josef se familie te hore gekom.

¹⁴Josef het vir Jakob, sy pa, en die hele familie laat haal, vyf en sewentig mense altesaam.

¹⁵Jakob het na Egipte toe gegaan en daar het hy en ons voorvaders gesterwe.

¹⁶Hulle liggame is na Sigem toe gebring en begrawe in die graf wat Abraham vir 'n som geld daar in Sigem by die nakomelinge van Hemor gekoop het.

¹⁷“Teen die tyd dat God die belofte wat Hy aan Abraham gegee het, sou uitvoer, het die volk in Egipte reeds tot 'n groot getal aangegroei.

¹⁸'n Nuwe koning, wat nie vir Josef geken het nie, het egter in Egipte aan die bewind gekom,

¹⁹en hy het 'n slim plan teen ons mense beraam en ons voorouers wreed behandel. Hy het hulle verplig om hulle babatjies buite aan hulle lot oor te laat, sodat hulle nie aan die lewe sou bly nie.

²⁰In dié tyd is Moses gebore, en hy was baie mooi. Drie maande lank is hy in sy ouerhuis versorg,

²¹en daarna is hy buite aan sy lot oorgelaat. Daar het die farao se dogter hom gekry, en sy het hom as haar eie seun grootgemaak.

²²Moses is opgelei in al die wysheid van die Egiptenaars en hy het uitgeblink in woord en daad.

²³“Op veertigjarige leeftyd het die verlange by hom opgekom om te gaan kyk hoe dit met sy mense, die volk Israel, gaan.

²⁴Toe hy sien dat een van hulle deur 'n Egiptenaar mishandel word, het hy die slagoffer gaan help en die misdaad gewreek deur die Egiptenaar dood te slaan.

²⁵Hy het gemeen sy mense sou begryp dat God hom wou gebruik om hulle te red, maar hulle het dit nie verstaan nie.

²⁶Toe hy die volgende dag op twee Israëliete afkom wat baklei, wou hy vrede maak en hy sê: ‘Mense, julle is tog broers! Hoekom baklei julle dan met mekaar?’

²⁷Maar die een wat met die bakleiery begin het, stamp vir Moses opsy en sê: ‘Wie het jou as ons leier en as regter oor ons aangestel?’

²⁸Wil jy my ook doodslaan, soos jy gister die Egiptenaar doodgeslaan het?’

²⁹Toe Moses dit hoor, het hy gevlug en 'n bywoner in Midian geword. Dáár is vir hom twee seuns gebore.

³⁰“Veertig jaar later het 'n engel eendag in die woestyn by Sinaiberg in die vlamme van 'n brandende doringbos aan Moses verskyn.

³¹Moses was baie verbaas oor wat hy sien, en toe hy nader gaan om te kyk wat dit is, hoor hy die stem van die Here:

³²‘Ek is die God van jou voorvaders, die God van Abraham, Isak en Jakob.’ Moses het gebewe en dit nie gewaag om te kyk nie.

³³En die Here sê vir hom: ‘Trek jou skoene uit, want die plek waarop jy staan, is gewyde grond.

³⁴Die mishandeling van my volk in Egipte het Ek gesien, en hulle gekerm het Ek gehoor. Daarom het Ek gekom om hulle te red. Kom nou nader; Ek wil jou na Egipte toe stuur.'

³⁵"Dit is dieselfde Moses vir wie die Israeliete nie wou aanvaar nie en vir wie hulle gesê het: 'Wie het jou as leier en regter aangestel? ' Tog het God juis vir Moses as leier en redder na hulle toe gestuur deur die engel wat in die doringbos aan hom verskyn het.

³⁶So het dit gekom dat Moses hulle uitgelei het. Veertig jaar lank het hy tekens en wonders in Egipte, by die Rooisee en in die woestyn gedoen.

³⁷Dit is dieselfde Moses wat vir die volk Israel gesê het: 'God sal uit julle eie geledere vir julle 'n Profeet soos ek laat voortkom.'

³⁸"Dit is hy wat, toe die volk daar in die woestyn bymekaar was, die skakel was tussen ons voorvaders en die engel wat met hom op Sinaiberg gepraat het. Hy het die lewende woorde ontvang om aan ons mee te deel.

³⁹Ons voorvaders wou egter nie na hom luister nie. Hulle het hom verontagsaam en na Egipte terug verlang.

⁴⁰Toe het hulle vir Aäron gesê: 'Maak vir ons gode wat voor ons uit kan trek, want hierdie Moses wat ons uit Egipte uitgelei het — ons weet nie wat van hom geword het nie.'

⁴¹Die gevolg was dat hulle destyds 'n afgodsbeeld gemaak het in die vorm van 'n kalf en daaraan offers gebring het en feesgevier het tot eer van hulle eie handewerk.

⁴²Maar God het Hom van hulle afgewend en hulle laat begaan om die sterre te aanbid, soos daar geskrywe staan in die boek van die profete: "Was dit vir My, Israel, dat julle brandoffers en ander diereoffers gebring het gedurende die veertig jaar in die woestyn?

⁴³Nee! Julle het die tent van Molek saamgeneem en die ster van julle god Refan. Julle het hierdie beelde gemaak om te aanbid. Daarom sal Ek julle tot anderkant Babilon wegstuur.

⁴⁴“Ons voorvaders het die tent met die getuienis by hulle in die woestyn gehad. Moses het dit op bevel van God gemaak volgens die voorbeeld wat hy gesien het.

⁴⁵Die volgende geslag het die tent ontvang en dit saamgeneem toe hulle onder leiding van Josua die land in besit geneem het waaruit God die inwoners voor ons voorvaders uit verdrywe het. Dit het daar gebly tot die tyd van Dawid.

⁴⁶God was vir hom goed, en Dawid het gevra om toegelaat te word om vir God 'n tempel te bou vir gebruik deur die nageslag van Jakob.

⁴⁷Maar dit was Salomo wat die tempel gebou het.

⁴⁸God, die Allerhoogste, woon egter nie in geboue wat deur mense gemaak is nie. Soos die profeet dit stel:

⁴⁹“Die hemel is my troon en die aarde die rusplek vir my voete, sê die Here. Watter soort huis sal julle tog vir My bou of watter plek as my rusplek?

⁵⁰Het Ek nie self al hierdie dinge gemaak nie?

⁵¹“Julle hardkoppiges! Julle is heidens in julle harte. Julle is doof vir die woord van God. Julle weerstaan altyd die Heilige Gees. Soos julle voorvaders gemaak het, maak julle ook.

⁵²Was daar ooit 'n profeet wat nie deur julle voorvaders vervolgt is nie? Hulle het God se boodskappers doodgemaak wat lank tevore die koms van die Regverdige aangekondig het. Nou het julle self die Regverdige verrai en vermoor.

⁵³Julle is die mense wat deur bemiddeling van engele die wet van God ontvang het, en tog het julle dit nie gehoorsaam nie.”

Stefanus word gestenig

⁵⁴Toe die lede van die Joodse Raad dit hoor, het hulle van woede op hulle tande gekners.

⁵⁵Maar Stefanus, vol van die Heilige Gees, het opgekyk na die hemel en die heerlijkheid van God gesien en Jesus wat aan die regterhand van God staan.

⁵⁶“Kyk,” het hy gesê, “ek sien die hemel geopen en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan.”

⁵⁷Toe het hulle hard geskreeu en hulle ore toegedruk. Soos een man het hulle op hom afgestorm,

⁵⁸hom uit die stad uitgesleep en gestenig. Die getuies het hulle klere neergesit by 'n jongman met die naam Saulus.

⁵⁹Terwyl hulle vir Stefanus stenig, het hy geroep: “Here Jesus, ontvang my gees! ”

⁶⁰Toe het hy op sy knieë neergesak en hard uitgeroep: “Here, moet hulle tog nie hierdie sonde toereken nie! ” Met hierdie woorde het hy gesterwe.

Handelinge 8

Saulus vervolg die kerk

¹Ook Saulus het hierdie moord goedgekeur. Daardie dag het daar 'n hewige vervolging van die gemeente in Jerusalem begin. Al die gelowiges behalwe die apostels is uitmekaar gejaag en verstrooi oor die gebiede van Judea en Samaria.

²Godvresende mense het vir Stefanus begrawe en daar is baie oor hom gerou.

³Saulus het die kerk probeer uitroei. Hy het van huis tot huis gegaan, mans en vrouens laat uitsleep en hulle in die tronk laat sit.

Die evangelie in Samaria

⁴Die gelowiges wat uitmekaar gejaag is, het so ver as wat hulle gegaan het, die evangelie verkondig.

⁵So het dit gebeur dat Filippus by 'n stad in Samaria gekom het en Christus daar verkondig het.

⁶Toe die mense hoor wat Filippus verkondig en die wonders sien wat hy doen, het hulle aandagtig na sy prediking geluister.

⁷Onrein geeste het met groot geskreeu uit baie mense uitgegaan, en baie wat verlam en kreupel was, is gesond gemaak.

⁸Daar was groot blydschap in daardie stad.

⁹In dieselfde stad was daar 'n man met die naam Simon, wat die inwoners van Samaria met sy toorkunste verstom het. Hy het daarop aanspraak gemaak dat hy iets besonder is,

¹⁰en almal, klein en groot, het hom aangehang. Hulle het gesê: “Hy is wat ons ‘Die Groot Krag van God’ noem.”

¹¹Hy het 'n aanhang onder hulle gekry omdat hy hulle oor 'n lang tydperk met sy toorkunste verstom het.

¹²Maar toe Filippus die evangelie van die koninkryk van God en die Naam van Jesus Christus aan hulle verkondig het, het hulle gelowig geword, en mans sowel as vrouens is gedoop.

¹³Selfs Simon het gelowig geword. Hy is gedoop en het Filippus oral vergesel. Hy was verstom oor die groot tekens en kragte wat hy sien gebeur het.

¹⁴Toe die apostels in Jerusalem hoor dat die mense in Samaria die woord van God aanvaar het, het hulle vir Petrus en Johannes daarheen gestuur.

¹⁵Dié het toe gegaan en vir die mense daar gebid dat hulle die Heilige Gees mag ontvang,

¹⁶want die Gees het nog nie op een van hulle gekom nie; hulle was net in die Naam van die Here Jesus gedoop.

¹⁷Die apostels het hulle die hande opgelê, en hulle het die Heilige Gees ontvang.

¹⁸Toe Simon sien dat die mense die Gees ontvang as die apostels hulle die hande oplê, het hy hulle geld aangebied

¹⁹en gesê: “Gee my ook hierdie bevoegdheid sodat elkeen wat ek die hande oplê, die Heilige Gees kan ontvang.”

²⁰Maar Petrus antwoord hom: “Gaan na die verderf met jou geld en al! Dink jy jy kan die gawe van God met geld koop?

²¹In hierdie werk is daar vir jou geen plek nie, want jou gesindheid teenoor God is nie reg nie.

²²Bekeer jou van hierdie dwaling en bid tot die Here: miskien sal Hy jou hierdie gesindheid van jou hart vergewe.

²³Ek sien jy is deur afguns vergiftig en deur die sonde verstriek.”

²⁴Toe sê Simon vir die apostels: “Bid julle tog vir my tot die Here, sodat niks van wat julle gesê het, my tref nie.”

²⁵So het die apostels dan kragtig getuienis gelewer en die woord van die Here verkondig. Hulle het na Jerusalem toe teruggegaan en onderweg die evangelie in baie dorpe van die Samaritane verkondig.

Filippus en die Etiopiër

²⁶'n Engel van die Here het vir Filippus gesê: “Maak jou klaar en gaan teen die middag na die pad wat van Jerusalem af Gasa toe loop.” Dit is 'n stil pad.

²⁷Filippus het toe klaargemaak en gegaan. 'n Ontmante Etiopiër wat 'n hoë pos beklee het aan die hof van die kandake, soos die koningin van Etiopië genoem is, en wat haar geldsake beheer het, het na Jerusalem toe gekom om te aanbid.

²⁸Hy was nou op pad terug en het op sy wa gesit en lees uit die profeet Jesaja.

²⁹Toe sê die Gees vir Filippus: “Gaan loop saam met daardie wa.”

³⁰Filippus het daarheen gehardloop en gehoor dat die man uit die profeet Jesaja lees. Hy vra toe vir hom: “Verstaan u wat u lees? ”

³¹Die Etiopiër antwoord: “Hoe sou ek kon as niemand dit vir my uitlê nie? ” Hy het Filippus gevra om op te klim en by hom te kom sit.

³²Die Skrifgedeelte wat hy gelees het, was dit: “Soos 'n skaap is Hy gelei om geslag te word; en soos 'n lam wat stil is as hy geskeer word, het Hy nie sy mond oopgemaak nie.

³³In sy vernedering het daar nie reg aan Hom geskied nie. Wie sal van sy nageslag kan vertel? Sy lewe op aarde word beëindig.”

³⁴Die amptenaar vra toe vir Filippus: “Sê vir my, asseblief, van wie praat die profeet hier, van homself of van iemand anders? ”

³⁵Filippus het by hierdie Skrifgedeelte begin en die evangelie oor Jesus aan hom verkondig.

³⁶Onderweg kom hulle toe by water aan, en die amptenaar sê: “Hier is water. Wat verhinder dat ek gedoop word? ”

³⁸Toe het hy die wa laat stilhou. Filippus en die hofdienaar het albei in die water in gegaan, en Filippus het hom gedoop.

³⁹Toe hulle uit die water kom, het die Gees van die Here vir Filippus weggeneem. Die amptenaar het hom nie meer gesien nie en het sy reis met blydschap voortgesit.

⁴⁰Filippus is later in Asdod aangetref. Hy het daarvandaan deur al die dorpe gegaan totdat hy in Sesarea gekom het, en oral het hy die evangelie verkondig.

Handelinge 9

Saulus se bekering

(Vgl. Hand. 22:6-16; 26:12-18)

¹Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan

²en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om al die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevange te neem en na Jerusalem toe te bring.

³Toe hy op reis naby Damaskus kom, het daar skielik 'n lig uit die hemel op hom gestraal.

⁴Hy het op die grond neergeval en 'n stem vir hom hoor sê: “Saul, Saul, waarom vervolg jy My? ”

⁵“Wie is U, Here? ” vra hy toe. “Ek is Jesus,” antwoord Hy. “Dit is vir My wat jy vervolg.

⁶Maar staan op en gaan na die stad toe. Daar sal vir jou gesê word wat jy moet doen.”

⁷Die mense wat saam met hom op pad was, het sprakeloos gestaan. Hulle het die stem gehoor maar niemand gesien nie.

⁸Toe Saulus van die grond af opstaan en sy oë oopmaak, kon hy nie sien nie. Hulle het sy hand gevat en hom na Damaskus toe gelei.

⁹Drie dae lank kon hy nie sien nie en het hy niks geëet of gedrink nie.

¹⁰In Damaskus was daar 'n sekere volgeling van Jesus met die naam Ananias. Die Here het hom in 'n gesig geroep: “Ananias! ” “Hier is ek, Here,” het hy geantwoord.

¹¹En die Here sê vir hom: “Gaan dadelik na Reguitstraat toe en vra by Judas se huis na 'n man van Tarsus met die naam Saulus. Hy is besig om te bid

¹²en hy het in 'n gesig 'n man met die naam Ananias sien inkom wat hom die hande oplê sodat hy weer kan sien.”

¹³Maar Ananias sê: “Here, ek het al by baie mense van hierdie man gehoor en van al die kwaad wat hy die mense wat in U glo, in Jerusalem aangedoen het.

¹⁴En nou is hy hier met volmag van die priesterhoofde om almal gevange te neem wat u Naam aanroep.”

¹⁵Toe sê die Here vir hom: “Gaan daarheen, want Ek het hom gekies as my werktuig om my Naam uit te dra onder die heidennasies en hulle konings en ook onder Israel.

¹⁶Ek self sal vir hom wys hoeveel hy vir my Naam moet ly.”

¹⁷Ananias het toe gegaan en in daardie huis gekom. Hy het Saulus die hande opgelê en gesê: “Saul, broer, die Here Jesus wat aan jou verskyn het toe jy op pad hierheen was, het my na jou toe gestuur sodat jy weer kan sien en met die Heilige Gees vervul kan word.”

¹⁸Onmiddellik het daar iets soos skille van Saulus se oë afgeval en kon hy weer sien. Toe het hy opgestaan en hy is gedoop;

¹⁹en hy het geëet en sy kragte herwin.

Saulus preek in Damaskus

Saulus het 'n paar dae daar by die gelowiges in Damaskus gebly

²⁰en dadelik in die sinagoges begin verkondig dat Jesus die Seun van God is.

²¹Almal wat dit gehoor het, was verbaas en het gesê: “Is dit nie die man wat in Jerusalem die mense wat hierdie Naam aanroep, wou uitroei nie? En het hy nie ook hierheen gekom om hulle gevange te neem en voor die priesterhoofde te bring nie? ”

²²Maar Saulus het al hoe kragtiger gepreek en die Jode wat in Damaskus woon, in die war gebring deur te bewys dat Jesus die Christus is.

²³Na verloop van tyd het die Jode saamgesweer om Saulus te vermoor,

²⁴maar hy het van hulle plan te hore gekom. Dag en nag was hulle by die stad se poorte op die uitkyk om hom dood te maak.

²⁵Maar sy medegelowiges het hom een nag geneem en in 'n mandjie laat afsak deur 'n opening in die stadsmuur.

Saulus in Jerusalem

²⁶Saulus het na Jerusalem toe gegaan en het geprobeer om daar by die volgelinge van Jesus aan te sluit, maar almal was vir hom bang, omdat hulle nie kon glo dat hy 'n volgeling van Jesus is nie.

²⁷Barnabas het hom egter oor Saulus ontferm en hom na die apostels toe gebring. Hy het vir hulle vertel hoe Saulus op die pad die Here gesien het en dat die Here met hom gepraat het, en hoe hy in Damaskus openlik in die Naam van Jesus gepreek het.

²⁸Saulus het toe oral in Jerusalem saam met hulle rondgegaan en openlik in die Naam van die Here gepreek.

²⁹Hy het ook met die Griekssprekende Jode gepraat en met hulle geredeneer; maar hulle het hom probeer vermoor.

³⁰Toe die gelowiges dit agterkom, het hulle hom na Sesarea toe geneem en hom daarvandaan na Tarsus toe weggestuur.

³¹In die hele Judea, Galilea en Samaria het die kerk 'n tyd van rus en vrede belewe. Dit het gevestig geraak en in gehoorsaamheid aan die Here gelewe. Die kerk is deur die Heilige Gees versterk, en die ledetal het toegeneem.

Die genesing van Eneas

³²Petrus het baie rondgereis en het op 'n keer ook by die gelowiges gekom wat in Lidda gewoon het.

³³Daar het hy 'n man met die naam Eneas teëgekom wat verlam en al ag jaar lank bedlêend was.

³⁴“Eneas,” sê Petrus toe vir hom, “Jesus Christus maak jou gesond. Staan op en maak jou bed op.” Hy het dadelik opgestaan.

³⁵Al die mense van Lidda en die Saronvlakte het hom gesien en hulle tot die Here bekeer.

Die opwekking van Tabita

³⁶In Joppe was daar 'n gelowige vrou met die naam Tabita, in Grieks Dorkas. Sy was altyd besig om goed te doen en die armes te help.

³⁷Juis in die tyd toe Petrus in Lidda was, het sy siek geword en gesterwe. Hulle het haar gewas en in 'n bokamer neergelê.

³⁸Aangesien Lidda naby Joppe is en die gelowiges gehoor het dat Petrus daar is, het hulle twee mans na hom toe gestuur met die versoek: “Kom tog gou na ons toe oor.”

³⁹Petrus het dadelik saam met hulle gegaan en toe hy daar kom, het hulle hom na die bokamer toe geneem. Al die weduwees het by hom kom staan en snikkend vir hom die klere gewys wat Dorkas gemaak het toe sy nog gelewe het.

⁴⁰Nadat Petrus almal uitgestuur het, het hy gekniel en gebid. Toe het hy na die liggaam gedraai en gesê: “Tabita, staan op! ” Sy het haar oë oopgemaak en toe sy vir Petrus sien, het sy regop gesit.

⁴¹Hy het haar met die hand help opstaan, die weduwees en die ander gelowiges geroep en haar lewend voor hulle gebring.

⁴²Die hele Joppe het hiervan gehoor, en baie mense het tot geloof in die Here gekom.

⁴³Petrus het geruime tyd daar in Joppe gebly by 'n sekere Simon, 'n leerlooier.

Handelinge 10

Petrus en Kornelius

¹In Sesarea was daar 'n man met die naam Kornelius, 'n kaptein in die sogenaamde Italiaanse regiment.

²Hy was godsdienstig en godvresend, hy en sy hele huisgesin. Hy het baie gedoen om die armes onder die Joodse volk te help en het gereeld tot God gebid.

³Een middag teen drie-uur het hy in 'n gesig duidelik 'n engel van God na hom toe sien kom wat na hom roep: “Kornelius! ”

⁴Kornelius het hom verskrik aangekyk en gevra: “Wat is dit, Meneer? ” Die engel sê toe vir hom: “God het gelet op jou gebede en op wat jy vir die armes doen, en Hy het aan jou gedink.

⁵Stuur nou dadelik mense na Joppe toe en laat daar 'n sekere Simon haal wat ook Petrus genoem word.

⁶Hy is tuis by 'n ander Simon, 'n leerlooier, wat by die see woon.”

⁷Nadat die engel wat met hom gepraat het, weggegaan het, het Kornelius twee van sy huisbediendes en een van sy lyfwagte, 'n godsdienstige soldaat, geroep.

⁸Hy het hulle alles vertel en hulle na Joppe toe gestuur.

⁹Die volgende dag teen twaalfuur die middag, toe hulle op hulle reis al naby die dorp was, het Petrus opgegaan na die dakstoep van die huis om te bid.

¹⁰Hy het later honger geword en hy wou iets hê om te eet. Terwyl die mense die ete klaargemaak het, het hy in geesvervoering geraak.

¹¹Hy het die hemel oop gesien en iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word, sien afkom grond toe.

¹²Daarin was van al die viervoetige en die kruipende diere van die aarde en van al die wilde voëls.

¹³Hy hoor toe 'n stem vir hom sê: “Kom, Petrus, slag en eet.”

¹⁴Maar Petrus sê: “Nooit nie, Here! Ek het nog nooit iets geëet wat onheilig of onrein is nie.”

¹⁵Hy hoor die stem toe weer, die tweede keer, vir hom sê: “Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.”

¹⁶Dit het drie keer gebeur, en daarna is die doek weer in die hemel opgetrek.

¹⁷Terwyl Petrus nog wonder oor die betekenis van die gesig wat hy gesien het, kom die mans wat deur Kornelius gestuur is, by die voordeur aan. Hulle was op soek na die huis van Simon

¹⁸en doen toe navraag of Simon wat ook Petrus genoem word, daar tuis is.

¹⁹Terwyl Petrus nog nadink oor die gesig, sê die Gees vir hom: “Daar is drie mans wat jou soek.

²⁰Kom, gaan ondertoe en moenie aarsel om saam met hulle te gaan nie, want Ek het hulle gestuur.”

²¹Petrus het ondertoe gegaan en vir die mans gesê: “Hier is ek. Dis vir my wat julle soek. Waarom is julle hier? ”

²²Hulle antwoord: “Kaptein Kornelius, 'n opregte en godvresende man vir wie die hele Joodse volk hoë agting het, het 'n openbaring deur 'n heilige engel gekry dat hy u na sy huis toe moet laat haal om te hoor wat u te sê het.”

²³Petrus nooi hulle toe in en gee vir hulle huisvesting. Die volgende dag het hy en 'n paar van die gelowiges in Joppe saam met hulle gegaan

²⁴en 'n dag later in Sesarea aangekom. Kornelius het hulle al verwag en het sy familie en huisvriende reeds bymekaar geroep.

²⁵Toe Petrus daar kom, het Kornelius hom tegemoet gegaan en eerbiedig voor hom gekniel.

²⁶Maar Petrus het hom laat opstaan en gesê: “Staan op! Ek is self ook maar net 'n mens.”

²⁷Terwyl Petrus met Kornelius praat, gaan hy die huis binne, waar hy baie mense bymekaar aantref,

²⁸en hy sê vir hulle: “Julle weet dat 'n Jood nie met iemand van 'n ander volk mag omgaan of by hom in die huis mag kom nie, maar God het vir my gewys dat ek geen mens as onheilig of onrein mag beskou nie.

²⁹Daarom het ek sonder om teë te stribbel, gekom toe julle my laat haal het. Sê nou vir my waarom julle my laat haal het.”

³⁰Kornelius antwoord: “Vier dae gelede so teen drie-uur die middag was ek in my huis besig om te bid. Toe staan daar skielik 'n man met blink klere voor my,

³¹en hy sê: ‘Kornelius, God het jou gebed verhoor en gelet op wat jy vir die armes doen.

³²Stuur iemand na Joppe toe en laat vir Simon, wat ook Petrus genoem word, daar haal. Hy is tuis by 'n ander Simon, 'n leerlooier, wat by die see woon.’

³³Ek het dadelik mense na u toe gestuur, en u was so goed om te kom. Ons is nou almal hier in die teenwoordigheid van God om te hoor wat die Here alles aan u opgedra het.”

Petrus se toespraak by Kornelius

³⁴Toe het Petrus aan die woord gekom en gesê: “Waarlik, ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie,

³⁵maar in enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.

³⁶Julle weet dat God aan Israel sy woord gestuur het, naamlik die evangelie van vrede wat Jesus Christus gebring het. Hierdie Jesus is Here van almal.

³⁷Julle weet ook van die gebeurtenisse dwarsdeur die hele Joodse land. Dit het in Galilea begin ná die doop wat Johannes verkondig het.

³⁸Julle weet van Jesus van Nasaret, dat God Hom met die Heilige Gees gesalf en met krag toegerus het. Hy het rondgegaan, oral goeie werke gedoen en almal gesond gemaak wat in die mag van die duiwel was, want God was by Hom.

³⁹“En ons is getuies van alles wat Hy in die Joodse land en in Jerusalem gedoen het. Hulle het Hom doodgemaak deur Hom aan die kruis te hang.

⁴⁰Maar God het Hom op die derde dag uit die dood opgewek en Hom laat verskyn,

⁴¹nie aan die hele volk nie, maar net aan ons vir wie God reeds gekies het om getuies daarvan te wees, ons wat ná sy opstanding uit die dood saam met Hom geëet en gedrink het.

⁴²Hy het ons opdrag gegee om aan die volk te verkondig en te bevestig dat dit Hy is wat deur God aangestel is as Regter oor lewendes en dooies.

⁴³Van Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergewing van sondes deur sy Naam ontvang.”

Mense wat nie Jode is nie, ontvang die Heilige Gees

⁴⁴Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het.

⁴⁵⁻⁴⁶Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê:

⁴⁷“Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word? ”

⁴⁸Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word. Daarna het hulle hom gevra om 'n paar dae by hulle te bly.

Handelinge 11

Petrus verantwoord hom voor die gemeente in Jerusalem

¹Die apostels en die ander gelowiges in Judea het gehoor dat mense wat nie Jode is nie, ook die woord van God aangeneem het.

²Toe Petrus dan in Jerusalem kom, het die Joodse gelowiges hom verwyt:

³“Jy het mense besoek wat nie besny is nie en het selfs saam met hulle geëet.”

⁴Petrus het toe vir hulle alles mooi uiteengesit:

⁵“Ek was in Joppe besig om te bid toe ek in geesvervoering 'n gesig gesien het,” het hy gesê. “Ek het iets soos 'n groot doek wat aan sy vier punte neergelaat word, uit die hemel sien afkom, en dit het tot by my gekom.

⁶Toe ek goed daarna kyk, sien ek daarin viervoetige diere van die aarde, wilde en kruipende diere, en wilde voëls.

⁷Ek het toe 'n stem gehoor wat vir my sê: ‘Kom, Petrus, slag en eet.’

⁸Maar ek het geantwoord: ‘Nooit nie, Here! Ek het nog nooit my mond aan iets gesit wat onrein of onheilig is nie.’

⁹'n Tweede keer het ek die stem uit die hemel gehoor: ‘Wat God rein verklaar het, mag jy nie onrein ag nie.’

¹⁰Dit het drie keer gebeur, en daarna is alles weer in die hemel opgetrek.

¹¹“Terselfdertyd het daar drie mans wat van Sesarea af na my toe gestuur is, by die huis aangekom waar ons tuis was.

¹²Die Gees het vir my gesê dat ek nie moet aarsel om saam met hulle te gaan nie. Ek en hierdie ses broers is toe saam met hulle, en ons het in Kornelius se huis ingegaan.

¹³Hy het vir ons vertel hoe hy die engel in sy huis sien staan het, wat vir hom gesê het: ‘Stuur iemand na Joppe toe en laat vir Simon daar haal wat ook Petrus genoem word.

¹⁴Hy het 'n boodskap vir jou waardeur jy gered sal word, jy en jou hele huisgesin.’

¹⁵“Skaars het ek begin praat, of die Heilige Gees kom op hulle net soos op ons in die begin.

¹⁶Toe dink ek aan die woorde wat die Here gesê het: ‘Johannes het wel met water gedoop, maar julle sal met die Heilige Gees gedoop word.’

¹⁷Hulle het net soos ons in die Here Jesus Christus geglo, en God het aan hulle ook dieselfde gawe as aan ons gegee. Wie was ek dan om God te probeer verhinder? ”

¹⁸Toe die gelowiges dit hoor, was hulle tevrede. Hulle het God geprys en gesê: “God het selfs mense wat nie Jode is nie, tot inkeer gebring om aan hulle die lewe te gee.”

Die gemeente in Antiogië

¹⁹Deur die vervolging wat na Stefanus se dood ontstaan het, is die gelowiges uitmekaar gejaag. Party van hulle het na Fenisië, Siprus en Antiogië toe gegaan, maar hulle het die woord aan niemand anders as net aan Jode verkondig nie.

²⁰Onder die vlugteling was daar sekere mense wat van Siprus en Sirene afkomstig was en wat in Antiogië gekom en daar ook aan die Griekssprekendes die evangelie dat Jesus die Here is, verkondig het.

²¹Die Here het die gelowiges gehelp, sodat daar baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het.

²²Die berig hieroor het die gemeente in Jerusalem bereik, en hulle het vir Barnabas na Antiogië toe gestuur.

²³Toe hy daar kom, was hy bly om te sien hoe God in sy genade onder hulle gewerk het, en hy het hulle almal aangespoor om met hart en siel aan die Here getrou te bly.

²⁴Barnabas was 'n goeie man, vol van die Heilige Gees en met 'n vaste geloof. 'n Aansienlike groep mense is tot geloof in die Here gebring,

²⁵en Barnabas is na Tarsus toe om vir Saulus te gaan soek.

²⁶Toe hy hom kry, het hy hom na Antiogië toe gebring, en hulle twee het 'n hele jaar lank saam in die gemeente gewerk en baie mense onderrig. In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.

²⁷In dié tyd het daar profete van Jerusalem af na Antiogië toe gekom.

²⁸Een van hulle, met die naam Agabus, is deur die Gees gelei om te voorspel dat 'n groot hongersnood die hele wêreld sou tref. Dit het dan ook in die tyd van keiser Claudius gebeur.

²⁹Die gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot 'n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word.

³⁰Hulle het dit gedoen en die geld met Barnabas en Saulus aan die ouderlinge in Jerusalem gestuur.

Handelinge 12

Jakobus word doodgemaak en Petrus gevange geneem

¹In dié tyd het koning Herodes party van die gemeentelede laat vang en hulle mishandel.

²Hy het vir Jakobus die broer van Johannes met die swaard laat doodmaak.

³Toe Herodes sien dat dit by die Jode byval vind, het hy nog verder gegaan en ook vir Petrus gevange laat neem. Dit het tydens die fees van die ongesuurde brood gebeur.

⁴Nadat Herodes vir Petrus laat vang het, het hy hom in die tronk gesit en hom deur vier afdelings van vier soldate elk laat bewaak. Herodes wou hom ná die paasfees voor die volk bring.

⁵So is hy dan in die tronk bewaak, maar die gemeente het aanhoudend vir hom tot God gebid.

Petrus word uit die tronk bevry

⁶Die nag voordat Herodes hom voor die volk sou bring, het Petrus tussen twee soldate geslaap. Hy was met twee kettings geboei, en voor die deur het wagte die tronk bewaak.

⁷Meteens staan daar 'n engel van die Here en skyn daar 'n lig in die sel. Die engel vat toe aan Petrus se sy om hom wakker te maak en sê vir hom: “Staan gou op.” Onmiddellik het die boeie van sy hande afgeval.

⁸Toe sê die engel vir hom: “Maak jou gordel vas en trek jou skoene aan.” Petrus het dit gedoen, en toe sê die engel vir hom: “Trek jou bokleed aan en kom saam met my.”

⁹Petrus het agter die engel aan uitgegaan sonder om te besef dat hy werklik bevry word. Vir hom het dit gelyk asof hy 'n gesig sien.

¹⁰Hulle is by die eerste wag verby en ook by die tweede, en toe hulle by die ysterdeur kom wat na die stad toe lei, het dit vanself vir hulle oopgegaan. Toe hulle buite kom en 'n ent met die straat af was, het die engel vir Petrus skielik verlaat.

¹¹Toe dring dit tot Petrus deur wat met hom gebeur het en hy dink: nou besef ek eers regtig dat die Here sy engel gestuur het om my uit die hande van Herodes te red en van alles wat die Joodse volk van plan was om te doen.

¹²Met dié gedagte is hy na die huis van Maria, die moeder van Johannes wat ook Markus genoem is, waar baie gelowiges saam was om te bid.

¹³Hy het aan die voordeur geklop, en 'n diensmeisie met die naam Rodé het kom hoor wie dit is.

¹⁴Toe sy Petrus se stem herken, was sy so bly dat sy nie die deur oopgemaak het nie, maar binnetoe gehardloop het om te vertel dat Petrus by die deur staan.

¹⁵Maar hulle sê vir haar: “Jy is mal.” Toe sy egter daarmee volhou, sê hulle: “Dan is dit sy gees.”

¹⁶Intussen het Petrus aangehou klop. Toe hulle die deur oopmaak en hom sien, was hulle baie verbaas.

¹⁷Hy het met sy hand vir hulle gewys om stil te bly en vir hulle vertel hoe die Here hom uit die tronk uitgelei het. “Vertel dit vir Jakobus en die ander gelowiges,” het hy gesê en na 'n ander plek toe vertrek.

¹⁸Toe dit dag word, was die soldate nie min ontsteld oor wat van Petrus geword het nie.

¹⁹Herodes het hom laat soek, en omdat hulle hom nie kon kry nie, het hy die wagte verhoor en bevel gegee dat hulle doodgemaak moet word. Hierna het Herodes van Judea af na Sesarea toe gegaan en 'n tyd daar gebly.

Herodes se dood

²⁰Die mense van Tirus en Sidon het hulle die woede van Herodes op die hals gehaal. Daarom het hulle saam 'n afvaardiging na hom toe gestuur. Nadat hulle vir Blastus, die koning se kamerheer, op hulle hand gekry het, het hulle vrede gevra, omdat hulle land van die koning s'n afhanklik was vir lewensmiddele.

²¹Op die vasgestelde dag het Herodes sy ampsklere aangetrek, op sy troon gaan sit en hulle toegesprek.

²²Die mense het toe geskreeu: “Dit is 'n god wat praat, nie 'n mens nie!”

²³Op daardie selfde oomblik het 'n engel van die Here hom getref, omdat hy nie die eer aan God gegee het nie. Herodes is deur wurms verteer, en het gesterwe.

²⁴Maar die woord van God het verder versprei en veld gewen.

²⁵Barnabas en Saulus het teruggekom nadat hulle hulle opdrag in Jerusalem uitgevoer het, en hulle het vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamgevat.

Handelinge 13

Eerste sendingreis: Barnabas en Saulus word uitgestuur

¹Onder die profete en leraars in die gemeente in Antiogië was Barnabas, Simeon wat ook Niger genoem is, Lucius van Sirene, Manaen wat saam met die heerser Herodes grootgeword het, en Saulus.

²Toe hulle op 'n keer bymekaar was om die Here te dien en om te vas, het die Heilige Gees gesê: “Sonder Barnabas en Saulus vir My af om die werk te doen waarvoor Ek hulle geroep het.”

³Nadat die gemeente gevas en gebid en hulle die hande opgelê het, het die gemeente hulle laat gaan.

Barnabas en Saulus preek op Siprus

⁴So is Barnabas en Saulus deur die Heilige Gees uitgestuur. Hulle het na Seleukië toe gegaan en daarvandaan na Siprus toe oorgevaar

⁵en in Salamis aangekom. Daar het hulle die woord van God in die Joodse sinagoges verkondig. Hulle het Johannes by hulle gehad om hulle te help.

⁶Daarna het hulle die hele eiland deurgegaan tot by Pafos, waar hulle 'n Joodse towenaar met die naam Barjesus teëgekóm het, wat voorgegee het dat hy 'n profeet is.

⁷Hy was by die goewerneur, Sergius Paulus, wat 'n verstandige man was. Die goewerneur het vir Barnabas en Saulus laat roep, want hy wou graag die woord van God hoor.

⁸Die towenaar, Elimas, soos hy in Grieks genoem is, het hulle egter teëgestaan omdat hy wou verhoed dat die goewerneur in Jesus glo.

⁹Maar Saulus, dit is Paulus, vol van die Heilige Gees, het hom skerp aangekyk

¹⁰en gesê: “Duiwelskind! Deurtrapte skelm en bedrieër! Vyand van alles wat reg is! Sal jy ophou om in die pad van die Here te staan!

¹¹Die Here gaan jou nou straf. Jy sal blind word en die son 'n tyd lank nie sien nie.” Onmiddellik het alles vir hom vaag en donker geword, en hy het rondgetas na iemand om hom aan die hand te lei.

¹²Die goewerneur was diep onder die indruk van die leer van die Here, en toe hy sien wat gebeur het, het hy gelowig geword.

Paulus en Barnabas in Antiogië in Pisidië

¹³Paulus en sy reisgenote het met 'n skip van Pafos af vertrek en by Perge in Pamfilië aangekom. Daar het Johannes hulle verlaat en na Jerusalem toe teruggegaan.

¹⁴Maar hulle het die reis van Perge af voortgesit en in Antiogië in Pisidië gekom. Op die sabbatdag het hulle na die sinagoge toe gegaan en daar gaan sit.

¹⁵Ná die voorlesing uit die wet en die profete het die raadslede van die sinagoge hulle laat weet: “Broers, as julle vir die volk 'n woord van bemoediging het, praat maar.”

¹⁶Paulus het opgestaan, met 'n handbeweging aandag gevra en gesê: “Israeliete en godvresendes, luister!

¹⁷Die God van hierdie volk Israel het ons voorvaders uitgekies en hulle 'n groot volk gemaak toe hulle as vreemdelinge in Egipte gewoon het. Hy het hulle deur sy groot mag daarvandaan uitgelei

¹⁸en hulle in die woestyn ongeveer veertig jaar lank geduldig verdra.

¹⁹Daarna het Hy sewe nasies in die land Kanaän uitgewis en hulle land aan die Israeliete gegee.

²⁰Dit alles het omtrent vier honderd en vyftig jaar lank geduur. “Daarna het Hy rigters oor die land laat regeer tot die tyd van die profeet Samuel.

²¹Toe die Israeliete daarna 'n koning wou hê, het God vir Saul, seun van Kis uit die stam Benjamin, aan hulle gegee. Hy het veertig jaar lank geregeer.

²²Nadat God hom van sy amp onthef het, het Hy Dawid as koning oor hulle aangestel. Van hom het God gesê: ‘Ek het in Dawid seun van Isai 'n man na my hart gevind. Hy sal al my opdragte uitvoer.’

²³Uit hierdie man se nageslag het God, volgens sy belofte, Jesus as Verlosser vir Israel laat voortkom.

²⁴Voor Jesus se koms het Johannes die hele Israel opgeroep om hulle te bekeer en te laat doop.

²⁵En toe hy aan die einde van sy loopbaan gekom het, het hy gesê: ‘Wie dink julle is ek? Ek is nie Hy nie. Maar kyk, Hy kom ná my. Ek is selfs nie werd om sy skoene los te maak nie.’

²⁶“Broers, nakomelinge van Abraham, en julle, godvresendes, aan ons het God hierdie boodskap van die verlossing gestuur.

²⁷Die inwoners van Jerusalem en hulle leiers het vir Jesus nie erken nie. Deur Hom te veroordeel het hulle die uitsprake van die profete, wat elke sabbatdag voorgelees word, in vervulling laat gaan.

²⁸En alhoewel hulle geen grond vir die doodstraf kon kry nie, het hulle tog vir Pilatus gevra om Jesus om die lewe te bring.

²⁹Nadat hulle aan Jesus alles gedoen het wat van Hom in die Skrif geskrywe staan, is Hy van die kruis afgehaal en begrawe.

³⁰Maar God het Hom uit die dood opgewek.

³¹Hy het in die loop van baie dae aan die mense verskyn wat saam met Hom van Galilea af na Jerusalem toe gegaan het. Hierdie mense is nou sy getuies by die volk.

³²“En nou verkondig ons aan julle die goeie boodskap dat God die belofte aan die voorvaders

³³vir ons, hulle nageslag, vervul het deur Jesus uit die dood te laat opstaan. So staan daar dan ook in die tweede psalm geskrywe: “Jy is my Seun, vandag het Ek aan jou die lewe gegee.

³⁴“God het Hom uit die dood laat opstaan, en daarom sal Hy nooit vergaan nie. Dit het God met die volgende woorde gesê: “Ek sal vir julle die heilige en betroubare beloftes vervul wat Ek aan Dawid toegesê het.

³⁵“Daarom sê God ook op 'n ander plek: “U sal nie toelaat dat u troue dienaar vergaan nie.

³⁶“En volgens die besluit van God het Dawid tog gesterwe nadat hy die mense van sy tyd gedien het. Hy is by sy voorvaders begrawe, en sy liggaam het vergaan.

³⁷Maar Jesus se liggaam het nie vergaan nie; God het Hom uit die dood opgewek.

³⁸⁻³⁹“Daarom, broers, moet julle goed weet dat wat aan julle verkondig word, die vergewing van sondes deur Hóm is, en dat elkeen wat glo, deur Hom vrygespreek word van alle sondes. Die wet van Moses kon julle nie vryspreek nie.

⁴⁰Pas dan op dat wat die profete gesê het, nie met julle gebeur nie:

⁴¹“Kyk, julle verag God! Julle sal verstom staan en te gronde gaan, want in julle tyd doen Ek iets wat julle beslis nie sal glo as iemand dit vir julle vertel nie! ”

⁴²Terwyl hulle die sinagoge verlaat, het die mense vir Paulus en Barnabas gevra om hulle die volgende sabbatdag meer van hierdie dinge te vertel.

⁴³Nadat die sinagoge uit was, het baie van die Jode en van die mense wat vantevore uit die heidendom tot die Jodedom oorgegaan het, saam met Paulus en Barnabas gegaan. Dié het met hulle gepraat en hulle aangemoedig om op die genade van God te bly vertrou.

⁴⁴Die volgende sabbatdag het byna die hele stad bymekaargekom om die woord van die Here te hoor.

⁴⁵Toe die Jode die groot opkoms sien, is hulle met afguns vervul en het hulle telkens Paulus se woorde teëspreek en hom beledig.

⁴⁶Paulus en Barnabas het reguit vir hulle gesê: “Die woord van God moes eerste aan julle verkondig word. Maar omdat julle dit verwerp en daarmee beslis dat julle die ewige lewe nie werd is nie, gaan ons nou na die mense toe wat nie Jode is nie,

⁴⁷want so lui die Here se opdrag aan ons: “Ek het U gegee as 'n lig vir die nasies, sodat U verlossing kan bring tot in die uithoeke van die aarde.”

⁴⁸Toe die heidene dit hoor, was hulle baie bly oor die woord van die Here en het hulle dit toegejuig. Almal wat vir die ewige lewe bestem was, het gelowig geword.

⁴⁹Die woord van die Here het dwarsdeur die hele streek versprei.

⁵⁰Maar die Jode het vooraanstaande godvresende vroue en toonaangewende burgers van die stad teen Paulus en Barnabas opgesweep. Hulle is vervolgd en uit die streek verdrywe.

⁵¹Hulle het toe as gebaar teen die stad die stof van hulle voete afgeskud en na Ikonium toe gegaan.

⁵²Die gelowiges in Antiogië was vol blydschap en vol van die Heilige Gees.

Handelinge 14

Paulus en Barnabas in Ikonium

¹In Ikonium het Paulus en Barnabas op dieselfde manier opgetree. Hulle het weer na die Joodse sinagoge toe gegaan en daar gepreek, met die gevolg dat 'n groot aantal Jode en Grieke gelowig geword het.

²Maar die Jode wat nie die boodskap wou aanneem nie, het die gemoedere van die heidene opgesweep en hulle teen die gelowiges aangehits.

³Ten spyte hiervan het die apostels 'n geruime tyd in die stad gebly en in vertroue op die Here onbevrees gepreek. Die Here het ook die boodskap van sy genade bevestig deur die apostels tekens en wonders te laat doen.

⁴Die inwoners van die stad was verdeeld, party vir die Jode en party vir die apostels.

⁵Die heidene en die Jode saam met hulle leiers het egter oproerig begin word en wou hulle aanrand en stenig.

⁶Toe die apostels dit agterkom, het hulle na Listra en Derbe en omgewing gevlug. Dit was twee stede in Likaonië.

⁷Daar het hulle toe die evangelie verkondig.

Paulus en Barnabas in Listra

⁸In Listra was daar 'n man met gebreklige voete. Hy was van sy geboorte af verlam en kon nooit loop nie.

⁹Hy het geluister terwyl Paulus praat. Paulus het stip na hom gekyk en gesien dat hy die geloof het om gesond gemaak te word.

¹⁰Toe roep hy na hom: “Staan regop, op jou voete!” Die man het opgespring en hy kon loop.

¹¹Toe die mense sien wat Paulus gedoen het, roep hulle in Likaonies uit: “Die gode het soos mense geword en het na ons toe afgekom!”

¹²Hulle het vir Barnabas Zeus genoem en vir Paulus Hermes, omdat hy die woordvoerder was.

¹³Die priester van die Zeustempel, net buitekant die stad, het hulle en blomkranse na die stadspoort toe gevat, en hy wou saam met die mense offers aan die apostels gaan bring.

¹⁴Toe die apostels, Barnabas en Paulus, daarvan hoor, het hulle hulle klere geskeur en tussen die mense ingespring en geskreeu:

¹⁵“Mense, wat vang julle nou aan? Ons is maar net sulke mense soos julle. Ons bring vir julle die goeie boodskap dat julle hierdie sinlose gode moet laat staan en julle tot die lewende God bekeer. Dit is Hy wat die hemel en die aarde en die see en alles wat daar is, gemaak het.

¹⁶Hy het in die verlede alle nasies toegelaat om hulle eie koers te gaan,

¹⁷maar tog bekend gemaak dat dit Hy is wat die goeie dinge gee: Hy het vir julle reën van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het julle volop kos gegee en julle gelukkig gemaak.”

¹⁸Maar selfs met hierdie woorde kon die apostels nouliks voorkom dat die mense aan hulle offers bring.

¹⁹Toe het daar Jode van Antiogië en Ikonium af gekom en die mense na hulle kant toe oorgehaal. Hulle het Paulus met klippe gegooi en hom uit die stad gesleep onder die indruk dat hy dood is.

²⁰Daar het die gelowiges rondom hom kom staan, en hy het opgestaan en weer die stad ingegaan. Die volgende dag het hy en Barnabas na Derbe toe vertrek.

Paulus en Barnabas keer na Antiogië in Sirië terug

²¹Paulus en Barnabas het die evangelie ook in Derbe verkondig, en baie mense het daar gelowig geword. Daarna het hulle na Listra, Ikonium en Antiogië toe teruggegaan.

²²Hulle het die gelowiges geestelik versterk en hulle aangespoor om getrou te bly in die geloof. “Ons sal eers deur baie verdrukking moet gaan voordat ons in die koninkryk van God kom,” het hulle gesê.

²³In elke gemeente het hulle ouderlinge gekies. Nadat die gemeente gebid en gevas het, het die apostels hulle opgedra aan die Here, in wie hulle nou geglo het.

²⁴Die apostels het verder deur Pisidië na Pamfilië toe gegaan.

²⁵Daar het hulle in Perge die woord verkondig en daarna na Attalië toe vertrek.

²⁶Daarvandaan is hulle met 'n skip terug na Antiogië toe, waar hulle aan die genade van God opgedra was vir die werk wat hulle nou voltooi het.

²⁷By hulle aankoms het hulle die gemeente bymekaargeroep en vir hulle vertel wat God alles deur hulle gedoen het en dat Hy vir die heidene die deur van die geloof oopgemaak het.

²⁸Die apostels het 'n geruime tyd daar by die gelowiges deurgebring.

Handelinge 15

Die vergadering in Jerusalem

¹Daar het mense van Judea af gekom en die gelowiges wysgemaak: “As julle nie die gebruik van Moses nakom deur julle te laat besny nie, kan julle nie gered word nie.”

²Toe Paulus en Barnabas hulle daarteen verset en in 'n heftige meningsverskil met hulle betrokke geraak het, is daar besluit dat hulle twee en nog 'n paar ander van die gemeente na die apostels en ouderlinge in Jerusalem moet gaan in verband met hierdie vraagstuk.

³Nadat die gemeente hulle van die nodige vir die reis voorsien het, het hulle deur Fenisië en Samaria gegaan en vertel van die bekering van die heidene. Hieroor was al die gelowiges baie bly.

⁴Toe hulle in Jerusalem aankom, is hulle deur die gemeente, die apostels en die ouderlinge verwelkom. Hulle het vertel wat God alles deur hulle gedoen het,

⁵maar party van die gelowiges wat vroeër Fariseërs was, het na vore gekom en gesê: “Die bekeerlinge moet besny word en aangesê word om die wet van Moses te onderhou.”

⁶Die apostels en die ouderlinge het toe bymekaargekom om hierdie vraagstuk te bespreek.

⁷Na 'n lang bespreking het Petrus opgestaan en vir hulle gesê: “Broers, julle weet dat God my lankal uit julle geledere gekies het om die evangelie aan die heidennasies te verkondig sodat hulle kan glo.

⁸En God, wat die harte ken, het dit bevestig deur die Heilige Gees aan hulle te gee net soos aan ons.

⁹Hy het geen onderskeid tussen ons en hulle gemaak nie: Hy het ook hulle harte deur die geloof gereinig.

¹⁰Waarom wil julle dan nou God se geduld op die proef stel deur op die nek van die gelowiges uit die heidennasies 'n juk te lê wat ons voorvaders nie in staat was om te dra nie en ons ook nie?

¹¹Nee! Ons, en ook hierdie gelowiges, glo dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word.”

¹²Daarna het al die mense stilgebly en na Barnabas en Paulus geluister. Hulle het vertel van die tekens en wonders wat God deur hulle onder die heidennasies gedoen het.

¹³Toe hulle klaar was, sê Jakobus: “Broers, luister na my!

¹⁴Simon het verduidelik hoe dit God self is wat begin het om na die heidennasies om te sien deur vir Hom 'n volk uit hulle te versamel.

¹⁵Die profete sê dieselfde. Daar staan geskrywe:

¹⁶“Daarna sal Ek terugkom, en Ek sal die vervalte huis van Dawid weer opbou, en Ek sal sy bouvalle herstel en dit weer regmaak,

¹⁷sodat al die ander mense die Here kan soek, ja, al die heidennasies wat Ek geroep het om my eiendom te wees, sê die Here wat hierdie dinge doen.

¹⁸“Dit is van ouds af bekend.

¹⁹Daarom meen ek dat ons dit nie moeilik moet maak vir die heidene wat hulle tot God bekeer nie.

²⁰Maar ons moet vir hulle skrywe om nie vleis te eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, want dit is onrein; dat hulle onsedelikheid moet vermy, geen dier wat verwurg is, moet eet nie, en ook nie bloed nie.

²¹Hierdie voorskrifte van Moses word immers van ouds af in elke stad aan die mense voorgehou. Elke sabbatdag word dit in die sinagoges voorgelees.”

Die besluit van die vergadering

²²Daarna het die apostels en die ouderlinge saam met die hele gemeente besluit om mense uit hulle geledere saam met Paulus en Barnabas na Antiogië toe te stuur. Hulle het vir Judas, wat ook Barsabbas genoem is, en vir Silas gekies, manne wat die agting van die gelowiges geniet het.

²³Hulle het die volgende brief saamgestuur: “Van die apostels en die ouderlinge, julle broers. “Aan die gelowiges uit die heidendom in Antiogië, Sirië en Silisië. “Groete.

²⁴“Ons het gehoor dat daar mense van ons af gekom het wat julle verwar en ontstel het deur dinge te sê waarvoor hulle geen opdrag van ons ontvang het nie.

²⁵Daarom het ons eenparig besluit om manne te kies en na julle toe te stuur. Hulle vergesel ons geliefde Barnabas en Paulus,

²⁶wat hulle lewe gewaag het vir die Naam van ons Here Jesus Christus.

²⁷Ons stuur nou vir Judas en Silas om ook mondeling hierdie dinge aan julle oor te dra.

²⁸Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie:

²⁹dat julle nie vleis moet eet wat aan 'n afgod geoffer is nie, ook nie bloed nie en ook geen dier wat verwurg is nie, en dat julle onsedelikheid moet

vermy. As julle julle van hierdie dinge weerhou, doen julle reg. “Hartlike groete.”

³⁰Die afgevaardigdes het afskeid geneem en na Antiogië toe gegaan. Daar het hulle al die gelowiges bymekaar laat kom en die brief oorhandig.

³¹Die gelowiges het dit geles en was baie bly oor die bemoedigende boodskap.

³²Judas en Silas, wat self ook profete was, het lank met die gelowiges gepraat en hulle bemoedig en geestelik versterk.

³³Nadat Judas en Silas geruime tyd daar gebly het, het hulle teruggegaan en die groete van die gelowiges oorgedra aan dié wat hulle afgevaardig het.

³⁵Paulus en Barnabas het 'n tyd lank in Antiogië gebly en saam met baie ander onderrig gegee en die woord van die Here verkondig.

Tweede sendingreis: Paulus en Barnabas skei van mekaar

³⁶'n Tydjie later het Paulus vir Barnabas gesê: “Kom ons gaan kyk hoe gaan dit met die gelowiges in al die stede waar ons die woord van die Here verkondig het.”

³⁷Barnabas wou vir Johannes, wat ook Markus genoem is, met hulle saamneem.

³⁸Maar Paulus het gedink dit is nie reg om die man saam te neem wat hulle in Pamfilië verlaat het en nie end-uit die werk saam met hulle gedoen het nie.

³⁹Hieroor het hulle so skerp verskil dat hulle van mekaar geskei het. Barnabas het toe vir Markus geneem en met 'n skip na Siprus toe vertrek.

⁴⁰Paulus het vir Silas gekies en vertrek, nadat hulle deur die gelowiges aan die genade van die Here toevertrou is.

⁴¹Hy het deur Sirië en Silisië gereis en die gemeentes geestelik versterk.

Handelinge 16

Timoteus sluit by Paulus aan

¹Paulus het in Derbe gekom en daarna in Listra. Dáár was 'n gelowige met die naam Timoteus. Sy ma, ook 'n gelowige, was 'n Joodse vrou en sy pa 'n Griek.

²Die gelowiges in Listra en Ikonium het net goed van hom gepraat.

³Omdat Paulus vir Timoteus met hom wou saamneem, het hy hom besny. Dit het hy gedoen ter wille van die Jode wat in daardie gebied gewoon het, want hulle het almal geweet sy pa is 'n Griek.

⁴Soos hulle van stad tot stad gereis het, het hulle die besluite wat die apostels en ouderlinge in Jerusalem geneem het, aan die gelowiges oorgedra en hulle beveel om daarvolgens te handel.

⁵So is die gemeentes in die geloof versterk, en die getal gelowiges het by die dag groter geword.

Die gesig in Troas

⁶Hulle het daarna deur die gebied van Frigië en Galasië gereis, omdat die Heilige Gees hulle verhinder het om die woord in die provinsie Asië te verkondig.

⁷Toe hulle by die grens van Misië kom, het hulle na Bitinië toe probeer gaan, maar die Gees van Jesus het hulle dit nie toegelaat nie.

⁸Hulle het toe deur Misië gereis en na Troas toe gegaan.

⁹Daar het Paulus in die nag in 'n gesig 'n Masedoniese man gesien wat by hom staan en hom smeek: “Kom oor na Masedonië toe en help ons.”

¹⁰Nadat Paulus die gesig gesien het, het ons so gou as moontlik gereed gemaak en na Masedonië toe vertrek, omdat ons tot die oortuiging gekom het dat God ons geroep het om die evangelie aan hulle daar te verkondig.

Lidia se bekering

¹¹Ons het van Troas af weggevaar en reguit koers gehou na Samotrake en die volgende dag na Neapolis toe.

¹²Daarvandaan is ons na Filippi toe, 'n belangrike stad in daardie deel van Masedonië en ook 'n Romeinse kolonie. In hierdie stad het ons 'n paar dae gebly.

¹³Op die sabbatdag is ons na die rivier toe buitekant die stadspoort, omdat ons gedink het daar sou 'n Joodse bidplek wees. Ons het gaan sit en met die vroue gepraat wat daar bymekaar was.

¹⁴Een van dié wat geluister het, was 'n vrou met die naam Lidia, wat die Joodse geloof aangeneem het. Sy het handel gedrywe met pers wolmateriaal en was van Tiatira afkomstig. Die Here het haar vir Paulus se woorde ontvanklik gemaak.

¹⁵Sy en haar huisgesin is toe gedoop. Daarna het sy ons uitgenooi en gesê: “Aangesien julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom gaan by my tuis.” En sy het ons oorreed om dit te doen.

In die tronk in Filippi

¹⁶Terwyl ons eendag na die bidplek toe op pad was, het ons 'n slavin teëgekom in wie daar 'n waarsêersgees was. Deur waarsêery het sy vir haar eenaars baie geld verdien.

¹⁷Sy het agter Paulus en ons aangeloop en aanhoudend geskreeu: “Hierdie mense is dienaars van God, die Allerhoogste! Hulle vertel vir julle hoe julle gered kan word.”

¹⁸Sy het dit baie dae na mekaar gedoen totdat Paulus dit nie langer kon hou nie. Hy het omgedraai en vir die gees gesê: “Ek beveel jou in die Naam van Jesus Christus: Gaan uit haar uit!” Die gees het op daardie selfde oomblik uit haar uitgegaan.

¹⁹Toe haar eenaars sien dat sy nie meer geld vir hulle kan inbring nie, het hulle vir Paulus en Silas gegryp en hulle na die owerheid toe op die stadsplein gesleep.

²⁰Hulle het hulle voor die stadsbestuur gebring en gesê: “Hierdie mense is Jode wat moeilikheid maak in ons stad.

²¹Hulle wil vir ons gebruike leer wat ons as Romeine nie kan aanvaar of navolg nie.”

²²Die skare het ook teen hulle gekant geraak. Die stadsbestuur het toe hulle klere van hulle laat afskeur en beveel dat hulle lyfstraf moet kry.

²³Nadat hulle baie geslaan is, is hulle in die tronk gegooi, en die bewaarder het opdrag gekry om hulle streng te bewaak.

²⁴Op hierdie bevel het hy hulle in die binneste sel opgesluit en hulle voete in die houtblok vasgeklem.

²⁵Teen middernag was Paulus en Silas besig om te bid en tot lof van God te sing. Die ander gevangenes het na hulle geluister.

²⁶Skielik kom daar 'n groot aardbewing wat die fondamente van die tronk geskud het. Al die deure van die tronk het onmiddellik oopgegaan, en al die gevangenes se boeie het losgeraak.

²⁷Die bewaarder het wakker geskrik, en toe hy die deure van die tronk sien oopstaan, het hy sy swaard uitgetrek om homself om die lewe te bring, want hy het gedink die gevangenes het ontsnap.

²⁸Maar Paulus het baie hard vir hom geskreeu: “Moenie jouself doodmaak nie! Ons is nog almal hier.”

²⁹Toe het die bewaarder 'n lig gevra, die sel ingestorm en bewend voor Paulus en Silas neergeval.

³⁰Hy het hulle buitekant toe gevat en gevra: “Menere, wat moet ek doen om gered te word? ”

³¹Hulle antwoord hom: “Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word, jy en jou huisgesin.”

³²Hulle het toe die woord van die Here aan hom en aan al die mense in sy huis verkondig.

³³Op daardie uur van die nag het hy vir Paulus en Silas geneem en hulle wonde gewas. Hy en al sy mense is daar en dan gedoop.

³⁴Toe bring hy hulle na sy huis toe en sit vir hulle 'n ete voor. Hy en sy hele huisgesin was vol blydschap omdat hulle nou in God geglo het.

³⁵Die volgende môre het die stadsbestuur polisie gestuur met die boodskap: “Laat daardie mense los.”

³⁶Die bewaarder het toe die boodskap aan Paulus oorgedra en gesê: “Die stadsbestuur het laat weet dat julle losgelaat moet word. Julle kan nou gaan, en voorspoed op julle reis! ”

³⁷Maar Paulus sê vir die polisie: “Ons is sonder verhoor in die openbaar geslaan en in die tronk gestop, ons wat Romeinse burgers is. En nou wil hulle ons stilletjies hier wegkry. O nee! Laat hulle self kom en ons uitlei.”

³⁸Die polisie het dit toe vir die stadsbestuur gaan vertel. Dié het groot geskrik toe hulle hoor dit is Romeinse burgers.

³⁹Hulle het gegaan en om verskoning gevra, hulle uit die tronk uitgelei en hulle versoek om die stad te verlaat.

⁴⁰Nadat hulle uit die tronk gekom het, is hulle na Lidia se huis toe, waar hulle die gelowiges gesien en bemoedig het. Daarna het Paulus-hulle vertrek.

Handelinge 17

Die oproer in Tessalonika

¹Paulus-hulle het deur Amfipolis en Apollonië na Tessalonika toe gereis, waar daar 'n Joodse sinagoge was.

²Soos dit Paulus se gewoonte was, het hy daarheen gegaan en op drie sabbatdae na mekaar uit die Skrif met die Jode geredeneer.

³Hy het die Skrif uitgelê en daaruit aangetoon dat die Christus moes ly en uit die dood moes opstaan. “Hierdie Jesus wat ek aan julle verkondig,” het hy gesê, “Hy is die Christus.”

⁴Party van die Jode het oortuig geraak en by Paulus en Silas aangesluit. 'n Groot aantal godvresende Grieke en 'n aansienlike getal vooraanstaande vroue het ook nog bygekom.

⁵Maar die Jode was hieroor afgunstig en het met die hulp van 'n klomp nikswerd leeglêers 'n betoging op tou gesit wat die stad in oproer gebring het. Hulle het na Jason se huis toe opgeruk en wou vir Paulus en Silas hê om hulle voor die volk te bring.

⁶Toe die Jode hulle nie kry nie, sleep hulle vir Jason en 'n paar ander gelowiges na die stadsbestuur toe en skreeu: “Dit is die mense wat die hele wêreld in beroering bring. Hulle is nou hier in ons stad,

⁷en Jason het vir hulle huisvesting gegee. Hulle handel almal in stryd met die keiser se wette en sê dat daar 'n ander koning is, Jesus! ”

⁸Die mense en die stadsbestuur was ontsteld toe hulle dit hoor,

⁹maar nadat hulle van Jason en die ander gelowiges die nodige waarborg gekry het, is hulle losgelaat.

Paulus en Silas in Berea

¹⁰Sodra dit donker was, het die gelowiges vir Paulus en Silas na Berea toe gestuur. Daar aangekom, het hulle na die Joodse sinagoge toe gegaan.

¹¹Die mense daar was ontvankliker as dié in Tessalonika. Hulle het met groot belangstelling na die woord geluister en elke dag die Skrif ondersoek om te sien of dit is soos Paulus sê.

¹²Baie van die Jode het gelowig geword en ook heelparty van die Grieke, mans sowel as vooraanstaande vroue.

¹³Toe die Jode in Tessalonika egter hoor dat Paulus die woord van God ook in Berea verkondig, het hulle ook dáár oproer gaan stook en die mense opgesweep.

¹⁴Die gelowiges het dadelik vir Paulus na die kus toe laat wegbring, maar Silas en Timoteus het daar agtergebly.

¹⁵Die mense wat vir Paulus begelei het, het hom tot by Atene gebring en toe teruggegaan met die opdrag van Paulus aan Silas en Timoteus om so gou as moontlik na hom toe te kom.

Paulus in Atene

¹⁶Terwyl Paulus in Atene vir Silas en Timoteus wag, het hy baie verontwaardig geword toe hy sien hoe vol afgodsbeelde die stad is.

¹⁷Hy het in die sinagoge met die Jode en die godvresendes geredeneer en elke dag op die stadsplein met die verbygangers gepraat.

¹⁸'n Paar wysgere, Epikureërs en Stoïsyne, het met hom gestry. Party het gesê: “Wat sou hierdie praatjiesmaker tog wil sê? ” Ander het gesê: “Dit lyk of hy 'n boodskapper van vreemde gode is.” Dit was omdat Paulus die evangelie van Jesus en sy opstanding verkondig het.

¹⁹Hulle het hom na die Areopagus toe geneem en gesê: “Kan ons te wete kom wat hierdie nuwe leer is wat jy verkondig?”

²⁰Party van die dinge wat jy sê, klink vir ons vreemd, en ons wil graag weet wat dit beteken.”

²¹Die Ateners in die algemeen en die uitlanders wat daar gewoon het, het hulle tyd aan niks anders bestee as om iets nuuts te sê of te hoor nie.

²²Paulus het toe in die middel van die Areopagus gaan staan en gesê: “Ateners, ek sien dat julle in alle opsigte baie godsdienstig is.

²³Terwyl ek deur julle stad geloop en kyk het na die plekke waar julle aanbid, het ek ook 'n altaar gekry waarop geskrywe staan: ‘Aan 'n onbekende god.’ “Nou ja, wat julle aanbid sonder om daarvan kennis te hê, verkondig ek aan julle.

²⁴God, wat die wêreld met alles wat daarin is, gemaak het, Hý is die Here van hemel en aarde, en Hy woon nie in tempels wat deur mense gemaak is nie.

²⁵Hy het ook nie nodig dat mense Hom versorg nie. Intendeel, dit is Hy wat aan almal lewe en asem en alles gee.

²⁶Uit een mens het Hy al die nasies gemaak. Hy het hulle gemaak om oor die hele aarde te woon. Hy het bepaal hoe lank hulle sal bestaan en waar hulle sal woon.

²⁷God het hulle gemaak om Hom te soek, al sou hulle ook moes rondtas om Hom te vind. Hy is nie ver van enigeen van ons af nie,

²⁸want deur Hom lewe ons, beweeg ons en bestaan ons. Of soos party van julle digters ook gesê het: ‘Ons stam ook van Hom af.’

²⁹Aangesien ons dan self van God afstam, moet ons nie dink dat die Godheid aan beelde van goud, silwer of klip gelyk is nie. Dit is bloot skeppinge van menslike vaardigheid en verbeelding.

³⁰“God het die tye van onkunde oorgesien, maar nou roep Hy al die mense oral op om hulle te bekeer,

³¹want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel deur 'n Man wat Hy uitgekies het. As bewys daarvan vir almal, het Hy Hom uit die dood laat opstaan.”

³²Toe hulle van die opstanding uit die dood hoor, het party hom uitgelag, maar party het gesê: “Ons sal jou weer hieroor wil hoor.”

³³So het Paulus van hulle af weggegaan.

³⁴'n Paar mense het egter gelowig geword en by hom aangesluit. Onder hulle was daar Dionisius, 'n lid van die Areopagus, en 'n vrou met die naam Damaris en nog ander saam met hulle.

Handelinge 18

Paulus in Korinte

¹Hierna het Paulus Atene verlaat en na Korinte toe gegaan.

²Daar het hy vir Akwila, 'n Jood wat in Pontus gebore is, ontmoet. Hy het kort tevore saam met sy vrou, Priscilla, uit Italië daar aangekom, nadat keiser Claudius beveel het dat al die Jode Rome moet verlaat. Paulus het hulle gaan opsoek,

³en omdat hulle net soos hy tentmakers van beroep was, het hy by hulle ingetrek en saam met hulle gewerk.

⁴Maar elke sabbatdag het hy in die sinagoge met die mense geredeneer en Jode en Grieke probeer oortuig.

⁵Nadat Silas en Timoteus van Masedonië af gekom het, het Paulus al sy tyd bestee aan die prediking om die Jode daarvan te oortuig dat Jesus die Christus is.

⁶Maar toe hulle hulle aanhou verset en hom beledig, het hy die stof van sy klere afgeskud en vir hulle gesê: “As julle verlore gaan, is dit julle eie skuld. Ek aanvaar nie die verantwoordelikheid daarvoor nie. Van nou af gaan werk ek onder mense wat nie Jode is nie.”

⁷Toe het hy die sinagoge verlaat en na die huis toe gegaan van 'n godvresende man met die naam Titius Justus. Sy huis was net langs die sinagoge.

⁸Krispus, die hoof van die sinagoge, en sy hele huisgesin het tot geloof in die Here gekom. Ook baie ander mense in Korinte wat die boodskap gehoor het, het gelowig geword en is gedoop.

⁹Een nag het die Here in 'n gesig vir Paulus gesê: “Moenie bang wees nie; hou aan met preek en moenie stilbly nie,

¹⁰want Ek is by jou. Niemand sal jou aanval of jou kwaad aandoen nie, want in hierdie stad behoort baie mense aan My.”

¹¹Paulus het 'n jaar en ses maande lank daar gebly en die mense onderrig in die woord van God.

¹²Nadat Gallio goewerneur van Agaje geword het, het die Jode egter soos een man teen Paulus in opstand gekom en hom voor die hof gebring.

¹³“Hierdie man,” het hulle gesê, “probeer die mense oorhaal om God op 'n manier te vereer wat in stryd is met ons wet.”

¹⁴Paulus wou praat, maar toe sê Gallio vir die Jode: “As dit oor 'n onreg of 'n ernstige misdaad gegaan het, was dit my plig om geduldig na julle Jode te luister.

¹⁵Maar aangesien dit 'n geredekawel is oor woorde en name en julle eie wet, moet julle self daaroor beslis. In sulke sake wil ek nie regter wees nie.”

¹⁶Daarna het hy hulle uit die hof uitgejaag.

¹⁷Hulle het toe almal vir Sostenes, die hoof van die sinagoge, gegryp en hom net daar voor die regbank aangerand. Gallio het hom egter niks daaraan gesteur nie.

Paulus kom terug na Antiogië toe

¹⁸Nadat Paulus nog 'n tyd lank daar by die gelowiges in Korinte gebly het, het hy van hulle afskeid geneem en saam met Priscilla en Akwila na Sirië toe vertrek. Voordat hy in Kenchreë aan boord gegaan het, het hy sy hare laat afsny, omdat 'n gelofte wat hy afgelê het, vervul was.

¹⁹By hulle aankoms in Efese het Paulus sy reisgenote verlaat en in die sinagoge ingegaan, waar hy met die Jode geredeneer het.

²⁰Hulle het hom gevra om langer te bly, maar hy wou nie.

²¹Hy het van hulle afskeid geneem en gesê: “As God wil, kom ek na julle toe terug.” Hy het van Efese af weggegaan

²²en in Sesarea aangekom. Daarvandaan het hy Jerusalem toe gegaan en die gemeente gegroet, en toe na Antiogië toe vertrek,

²³waar hy 'n tyd lank gebly het.

Derde sendingreis

Daarna het hy weer vertrek en deur die landstreek van Galasië en Frigië gereis. Oral het hy die gelowiges geestelik versterk.

Apollos preek in Efese

²⁴Intussen het daar 'n Jood met die naam Apollos, wat in Aleksandrië gebore is, in Efese aangekom. Hy was 'n begaafde spreker met 'n deeglike kennis van die Skrif.

²⁵Hy het in die leer van die Here onderrig ontvang en het met groot geesdrif gepraat en aan ander noukeurig alles oor Jesus geleer; maar die doop waarvan hy geweet het, was net dié van Johannes.

²⁶Hy het met vrymoedigheid in die sinagoge begin preek. Toe Priscilla en Akwila hom hoor, het hulle hom huis toe geneem en vir hom die leer van God nog duideliker gemaak.

²⁷Toe Apollos na Agaje toe wou gaan, het die gelowiges hom aangemoedig en vir hom 'n brief saamgegee aan die gelowiges daar om te versoek dat hulle hom vriendelik moet ontvang. Daar aangekom, was hy tot groot hulp vir dié wat deur die genade van God gelowig geword het,

²⁸want hy het die Jode in die openbaar kragtig weerlê en uit die Skrif bewys dat Jesus die Christus is.

Handelinge 19

Paulus in Efese

¹Terwyl Apollos in Korinte was, het Paulus deur die binneland gereis en in Efese gekom. Daar het hy 'n groepie gelowiges gekry

²vir wie hy gevra het: “Het julle die Heilige Gees ontvang toe julle gelowig geword het?” “Ons het nog nie eens gehoor of die Heilige Gees al gekom het nie,” het hulle geantwoord.

³“Watter soort doop het julle dan ontvang?” vra hy toe. “Die doop van Johannes,” antwoord hulle.

⁴Daarop sê Paulus: “Johannes het die mense gedoop as hulle hulle bekeer het. Maar hy het vir die volk gesê dat hulle in die Een moet glo wat ná hom kom, dit is in Jesus.”

⁵Toe hulle dit hoor, het hulle hulle in die Naam van die Here Jesus laat doop.

⁶Paulus het hulle ook die hande opgelê. Toe het die Heilige Gees op hulle gekom, en hulle het ongewone tale of klanke gebruik, en hulle het geprofeteer.

⁷Hulle was altesaam omtrent twaalf.

⁸Paulus het drie maande lank met vrymoedigheid in die sinagoge geredeneer oor die koninkryk van God en die mense daarvan probeer oortuig.

⁹Maar party was koppig en wou hulle nie laat oortuig nie. Hulle het ook in die openbaar die leer van die Here belaglik probeer maak. Toe het Paulus hulle verlaat en die gelowiges afsonderlik geneem en daaglik in die saal van Tirannus besprekings gehou.

¹⁰Dit het twee jaar lank so aangehou, sodat al die inwoners van die provinsie Asië, Jode sowel as Grieke, die woord van die Here gehoor het.

Die seuns van Skeva

¹¹God het deur Paulus wonderbaarlike dinge gedoen.

¹²Selfs doeke of voorskote wat aan sy lyf geraak het, is op siekes gesit en dan het hulle siektes verdwyn; en die bose geeste het uit hulle uitgegaan.

¹³Party Jode wat rondgegaan het om bose geeste te besweer, het dit ook gewaag om die Naam van die Here Jesus daarvoor te gebruik. Hulle het gesê: “Ek besweer julle in die Naam van dié Jesus wat deur Paulus verkondig word.”

¹⁴Dit was die sewe seuns van 'n Joodse priesterhoof, Skeva, wat dit gedoen het.

¹⁵Maar een van die bose geeste het vir hulle gesê: “Jesus ken ek, en van Paulus weet ek, maar julle, wie is julle?”

¹⁶Die man met die bose gees spring toe onder hulle in en oorweldig hulle. Hy was te sterk vir hulle, sodat hulle kaal en stukkend geslaan uit daardie huis gevlug het.

¹⁷Al die Jode en Grieke wat in Efese gewoon het, het daarvan te hore gekom. Vrees het hulle almal oorval, en die Naam van die Here Jesus is geprys.

¹⁸Baie van die mense wat gelowig geword het, het ook gekom en al hulle towerpraktyke openlik bely en bekend gemaak.

¹⁹Heelparty van die mense wat toorkunste beoefen het, het hulle boeke gebring en voor almal verbrand. Hulle het die waarde daarvan bereken en gevind dat dit vyftig duisend silwermuntstukke werd was.

²⁰So het die woord van die Here sy krag getoon en al hoe verder versprei.

Die oproer in Efese

²¹Na hierdie gebeurtenisse het Paulus besluit om deur Masedonië en Agaje te reis en na Jerusalem toe te gaan. “Nadat ek daar was,” het hy gesê, “moet ek Rome ook besoek.”

²²Hy het twee van sy helpers, Timoteus en Erastus, vooruit gestuur Masedonië toe, maar self nog 'n tyd lank in die provinsie Asië agtergebly.

²³Juis toe het daar 'n groot opskudding ontstaan oor die leer van die Here.

²⁴'n Silwersmid met die naam Demetrius het silwerbeelde van die tempel van Artemis gemaak en vir die vakmanne 'n goeie verdienste verskaf.

²⁵Hy roep hulle en ander mense wat soortgelyke werk doen, toe bymekaar en sê vir hulle: “Mense, julle weet dat ons voorspoed van hierdie werk afhang.

²⁶Julle sien en hoor self dat hierdie Paulus daarin geslaag het om nie net in Efese vir hom 'n groot aanhang te kry nie, maar ook in byna die hele provinsie Asië. Hy sê dat goed wat met die hand gemaak word, nie gode is nie.

²⁷Ons bedryf staan in gevaar om 'n slegte naam te kry. En nie net dit nie. Die gevaar is ook dat die tempel van die groot godin Artemis sy betekenis sal verloor en dat sy van haar grootheid berowe sal word, hierdie godin wat in die hele provinsie Asië en oor die hele wêreld vereer word.”

²⁸By die aanhoor hiervan het hulle woedend geword en geskreeu: “Groot is Artemis van die Efesiërs! ”

²⁹Die oproer het oor die hele stad uitgebrei. Soos een man het die mense na die amfiteater toe gestorm. Hulle het vir Gaius en Aristargos, twee Masedoniërs wat saam met Paulus gereis het, gegryp en saamgesleep.

³⁰Paulus wou self met die skare gaan praat, maar die gelowiges wou hom dit nie toelaat nie.

³¹Ook het party van die hoë amptenare van die provinsie Asië wat goedgesind was teenoor Paulus, vir hom 'n boodskap gestuur om hom te waarsku om nie na die amfiteater toe te gaan nie.

³²Almal het deurmekaar geskreeu, en die hele vergadering was in die war. Die meeste mense het nie geweet hoekom hulle daar bymekaar was nie.

³³Toe die Jode vir Aleksander vorentoe stoot, het party van die mense vir hom gesê wat aan die gang is. Hy het met sy hand gewys dat hy iets vir die volk wil sê.

³⁴Maar toe hulle merk dat hy 'n Jood is, het hulle almal byna twee uur lank uit een mond aangehou skreeu: “Groot is Artemis van die Efesiërs! ”

³⁵Uiteindelik het die stadsklerk daarin geslaag om die skare tot bedaring te bring. “Efesiërs,” het hy gesê, “watter mens weet nou nie dat die stad van die Efesiërs die beskermmer is van die tempel van die groot Artemis en van haar beeld wat uit die hemel geval het nie?

³⁶Niemand kan dit betwis nie. Bedaar dus en moenie iets oorhaastigs doen nie.

³⁷Julle het hierdie mans hierheen gebring alhoewel hulle nie die tempel berowe of ons godin belaster het nie.

³⁸Die hofsittings word gehou, en daar is regters. As Demetrius en sy vakmanne 'n klag teen iemand het, laat hulle mekaar daar gaan aankla.

³⁹En as julle verder wil gaan, moet die saak op 'n wettige volksvergadering behandel word,

⁴⁰want ons loop gevaar om van opstand aangekla te word oor die dinge wat vandag hier gebeur het. Daar is geen rede vir hierdie oploop nie, en ons sal dit nie kan verantwoord nie.” Deur dit te sê, het hy die byeenkoms uitmekaar laat gaan.

Handelinge 20

Paulus gaan na Masedonië en Griekeland toe

¹Nadat die oproer bedaar het, het Paulus die gelowiges bymekaargeroep en hulle moed ingepraat. Daarna het hy hulle gegroet en Masedonië toe vertrek.

²Op sy reis deur daardie gebiede het hy die gelowiges telkens met sy prediking bemoedig. Hy kom toe in Griekeland aan,

³waar hy drie maande gebly het. Toe hy op vertrek gestaan het Sirië toe, het hy van 'n Joodse komplot teen hom te hore gekom en besluit om deur Masedonië terug te gaan.

⁴Pirrus se seun Sopater van Berea het saam met Paulus gereis, en ook Aristargos en Sekundus, albei van Tessalonika, Gaius van Derbe, en Timoteus, asook Tigikus en Trofimus, albei van die provinsie Asië.

⁵Hulle het vooruitgegaan en in Troas vir ons gewag.

⁶Na die fees van die ongesuurde brood het ons van Filippi af met 'n skip vertrek en vyf dae later by hulle in Troas aangekom. Daar het ons sewe dae gebly.

Paulus in Troas

⁷Ons het die Sondag bymekaargekom vir die gemeenskaplike maaltyd. Paulus het die gelowiges toegesprek, en aangesien hy die volgende dag sou vertrek, het hy tot middernag aangehou.

⁸Daar was heelwat lampe in die bovertrek waar ons bymekaar was.

⁹'n Jongman met die naam Eutigus het op die vensterbank gesit. Hoe langer Paulus gepraat het, hoe vaker het Eutigus geword. Hy het naderhand vas aan die slaap geraak en uit die derde verdieping tot op die grond geval. Toe hulle hom optel, was hy dood.

¹⁰Paulus het ondertoe gegaan, hom oor Eutigus uitgestrek en hom teen hom vasgedruk en gesê: “Moet julle nie ontstel nie. Hy lewe! ”

¹¹Paulus het weer boontoe gegaan, brood gebreek en geëet. Hy het nog lank met hulle gepraat, tot dagbreek, en daarna vertrek.

¹²Die mense het toe die seun lewend weggebring huis toe. Hulle was buitengewoon bemoedig deur alles.

Die reis van Troas na Milete

¹³Ons het vooruit per skip na Assus toe vertrek, waar ons vir Paulus aan boord sou neem. Dit was sy opdrag, omdat hy self oor land daarheen wou gaan.

¹⁴Toe hy ons in Assus kry, het ons hom aan boord geneem en na Mitilene toe gevaar.

¹⁵Daarvandaan het ons die volgende dag verder gevaar en tot regoor Chios gekom. Die dag daarna het ons Samos bereik en nog 'n dag later Milete.

¹⁶Paulus het besluit om by Efese verby te vaar, sodat hy nie tyd in die provinsie Asië sou verloor nie, want hy was haastig om, as dit kon, op pinksterdag in Jerusalem te wees.

Paulus spreek die ouderlinge van Efese toe

¹⁷Van Milete af het Paulus 'n boodskap na Efese toe gestuur om die ouderlinge van die gemeente te laat roep.

¹⁸Toe hulle by hom kom, sê hy vir hulle: “Julle weet hoe ek die hele tyd, van die eerste dag af dat ek in die provinsie Asië gekom het, onder julle geleef het;

¹⁹hoe ek die Here in alle nederigheid gedien het te midde van droefheid weens die vervolginge wat ek deur die komplotte van die Jode moes verduur.

²⁰Julle weet dat ek niks teruggehou het wat vir julle voordelig kon wees nie, toe ek by julle in die openbaar gepreek en julle in julle huise onderrig het.

²¹Ek het sowel die Jode as die Grieke ernstig vermaan om hulle tot God te bekeer en in ons Here Jesus te glo.

²²“En nou gaan ek Jerusalem toe, daartoe gedring deur die Gees. Wat dáár met my sal gebeur, weet ek nie.

²³Ek weet dat die Heilige Gees my in elke stad verseker dat gevangenskap en vervolging op my wag.

²⁴Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig.

²⁵“Ek het onder julle almal rondgegaan en die koninkryk van God verkondig, maar nou weet ek dat julle my nie weer sal sien nie.

²⁶Daarom verklaar ek vandag dat dit nie my skuld is as enigeen van julle verlore gaan nie,

²⁷want ek het nie nagelaat om die heilsplan van God in sy volle omvang aan julle te verkondig nie.

²⁸Pas julle self op en die hele kudde wat die Heilige Gees onder julle sorg gestel het. Soos wagters 'n kudde versorg, so moet julle die gemeente van God versorg wat Hy vir Hom verkry het deur die bloed van sy eie Seun.

²⁹Ek weet dat daar ná my vertrek wrede wolwe onder julle sal indring, en hulle sal die kudde nie ontsien nie.

³⁰Ja, uit julle eie geledere sal daar mense na vore kom wat met leuens die gelowiges agter hulle aan sal probeer verlei.

³¹Wees waaksaam. Onthou dat ek elkeen van julle drie jaar lank onderrig het, aanhoudend, dag en nag, baiekeer met tranen.

³²Maar nou vertrou ek julle aan God toe en aan die woord van sy genade. Die woord is magtig om julle op te bou en julle in die seëninge te laat deel wat Hy aan al die gelowiges as erfdeel belowe het.

³³“Ek het niemand se geld of klere begeer nie.

³⁴Julle weet self dat ek vir myself en vir die mense wat saam met my was, gesorg het deur met hierdie twee hande van my te werk.

³⁵Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang.”

³⁶Nadat Paulus dit gesê het, het hy saam met hulle almal gekniel en gebid.

³⁷Almal het baie gehuil en hom omhels en gesoen.

³⁸Hulle was veral hartseer omdat hy gesê het dat hulle hom nie weer sou sien nie. Daarna is hulle saam met hom na die skip toe.

Handelinge 21

Paulus reis Jerusalem toe

¹Nadat ons swaar van hulle afskeid geneem het, het ons aan boord gegaan. Ons het reguit koers gehou en by die eiland Kos aangekom. Die volgende dag het ons Rodos bereik en daarvandaan by Patara aangekom.

²Daar het ons 'n skip gekry wat na Fenisië toe sou vaar, en ons het aan boord gegaan en weggevaar.

³Ons het Siprus in sig gekry en is aan die suidekant daarvan verby Sirië toe. In Tirus, waar die skip sy vrag moes aflaai, het ons afgeklim.

⁴Ons het die gelowiges daar opgesoek en sewe dae by hulle gebly. Deur die Gees gelei, het hulle vir Paulus gesê om nie Jerusalem toe te gaan nie.

⁵Maar toe die sewe dae verby was, het ons verder gereis, en hulle is almal met hulle vrouens en kinders saam met ons tot buitekant die stad. Ons het op die strand gekniel en gebid

⁶en van mekaar afskeid geneem. Daarna het ons aan boord gegaan, en hulle het omgedraai huis toe.

⁷Van Tirus af het ons die seereis voortgesit na Ptolemaïs toe. Daar het ons die gelowiges gegroet en 'n dag by hulle gebly.

⁸Die volgende dag het ons vertrek en in Sesarea aangekom. Ons het die evangelis Filippus, een van die sewe, opgesoek en by hom tuis gegaan.

⁹Hy het vier ongetroude dogters gehad wat die gawe besit het om te profeteer.

¹⁰Nadat ons reeds 'n hele paar dae daar was, het daar 'n profeet met die naam Agabus van Judea af aangekom.

¹¹Hy het na ons toe gekom, Paulus se gordel gevat, sy eie hande en voete daarmee vasgebind en gesê: “So sê die Heilige Gees: Die Jode sal in Jerusalem die eienaar van hierdie gordel net so vasbind en hom aan die heidene uitlewer.”

¹²Toe ons dit hoor, het ons en die mense daar vir Paulus gesmeek om nie Jerusalem toe te gaan nie.

¹³Toe antwoord Paulus: “Waarom wil julle my hart sag maak met julle trane? Ter wille van die Naam van die Here Jesus is ek bereid om in Jerusalem nie net gevange geneem te word nie, maar selfs ook te sterwe.”

¹⁴Toe ons hom nie kon oorreed nie, het ons daarin berus en gesê: “Laat die wil van die Here geskied.”

¹⁵Na 'n paar dae het ons ons voorbereidings afgehandel en na Jerusalem toe vertrek.

¹⁶Party van die gelowiges het van Sesarea af saam met ons gegaan. Hulle het ons by Mnason gebring, wat oorspronklik van Siprus afkomstig was en wat van vroeg af reeds 'n gelowige was. By hom sou ons tuis gaan.

Paulus besoek vir Jakobus

¹⁷By ons aankoms in Jerusalem het die broers ons hartlik ontvang.

¹⁸Die volgende dag het ons saam met Paulus na Jakobus toe gegaan. Al die ouderlinge was daar teenwoordig.

¹⁹Paulus het hulle gegroet en in besonderhede vertel wat God deur sy diens onder die heidene gedoen het.

²⁰Toe hulle dit hoor, het hulle God geprys en vir Paulus gesê: “Jy sien, broer, hier is duisende Jode wat gelowig geword het, maar almal onderhou die wet van Moses nog stiptelik.

²¹Hulle het gehoor dat jy al die Jode wat onder die heidene woon, leer om van die wet van Moses af te sien. Jy sou hulle geleer het om nie meer hulle kinders te laat besny nie en om nie die Joodse gebruike te onderhou nie.

²²“Wat moet ons nou doen? Hulle sal beslis te hore kom dat jy hier is.

²³Maak nou soos ons vir jou sê. Hier by ons is daar vier mans wat 'n gelofte afgelê het.

²⁴Neem hulle saam met jou vir die reinigingshandeling en betaal die koste daarvan, sodat hulle hulle hare kan laat afsny. Dan sal almal weet dat nie een

van die gerugte wat oor jou versprei word, waar is nie, maar dat jy self die wet onderhou.

²⁵Ons het tog al vir die gelowiges wat vroeër heidene was, laat weet van ons besluit dat hulle nie vleis wat aan 'n afgod geoffer is, en bloed en 'n dier wat verwurg is, moet eet nie, en dat hulle onsedelikheid moet vermy.”

²⁶Die volgende dag het Paulus die manne geneem en die reinigingshandeling saam met hulle verrig. Hy het tempel toe gegaan en kennis gegee op watter dag die reiniging verby sou wees, wanneer die offer vir elkeen van hulle gebring sou word.

Paulus word by die tempel gevange geneem

²⁷Toe die sewe dae van die reiniging byna om was, het Jode van die provinsie Asië vir Paulus by die tempel gesien. Hulle het die hele skare aangehits en vir Paulus gegryp.

²⁸“Israeliete, kom help! ” het hulle geskreeu. “Hier is die man wat ons volk, die wet van Moses en die tempel oral aanval. Nou het hy boonop nog Grieke in die tempel ingebring en hierdie heilige plek ontheilig.”

²⁹Hulle het dit gesê omdat hulle vantevore vir Trofimus van Efese saam met Paulus in die stad gesien het en gedink het dat Paulus hom in die tempel in geneem het.

³⁰Die hele stad het in beroering gekom. Die mense het saamgedrom, vir Paulus gegryp en hom uit die tempel uitgesleep. Die deure is dadelik agter hulle toegesluit.

³¹Die mense wou hom net doodmaak. 'n Boodskap is toe na die kommandant van die Romeinse garnisoen toe gestuur dat die hele Jerusalem in oproer is.

³²Hy het onmiddellik met soldate en offisiere na die oproer toe gehardloop. Toe die skare die kommandant en sy soldate sien, het hulle opgehou om vir Paulus te slaan.

³³Die kommandant het na Paulus toe gegaan, hom gevange geneem en beveel dat hy met twee kettings geboei moet word. Daarna het hy probeer vasstel wie die man is en wat hy gedoen het.

³⁴Die skare het so deurmekaar geskreeu dat hy in die lawaai nie kon uitvind wat presies aan die gang is nie. Hy het toe beveel dat Paulus na die kaserne toe gevat moet word.

³⁵By die trap van die kaserne het die gepeupel so saamgedrom dat die soldate Paulus moes dra,

³⁶want al die mense het agterna geloop en geskreeu: “Weg met hom! ”

Paulus verdedig homself

³⁷Net voor hulle Paulus die kaserne wou inbring, sê hy vir die kommandant: “Mag ek u iets vra? ” Daarop sê die kommandant: “Ken jy Grieks?

³⁸Dan is jy nie die Egiptenaar wat 'n rukkie gelede in opstand gekom en met vier duisend terroriste die woestyn in getrek het nie? ”

³⁹Daarop antwoord Paulus hom: “Ek is 'n Jood van Tarsus in Silisië, 'n burger van 'n belangrike stad. Laat my asseblief toe om die volk toe te spreek.”

⁴⁰Die kommandant het ingewillig, en Paulus het op die trap gaan staan en met sy hand vir die mense gewys om stil te bly. Toe dit baie stil geword het, het hy hulle in Hebreeus toegesprek.

Handelinge 22

Paulus vertel van sy bekering

(Vgl. Hand. 9:1-19; 26:12-18)

¹“Broers en vaders, luister na wat ek nou tot my verdediging vir julle wil sê.”

²Toe hulle hoor dat hy Hebreeus praat, het hulle nog stiller geword.

³Hy gaan toe voort: “Ek is 'n Jood wat in Tarsus in Silisië gebore is, maar ek het hier in Jerusalem grootgeword. As leerling van Gamaliël is ek volgens die streng opvatting van die wet van die voorvaders opgevoed, en ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle almal vandag is.

⁴Ek wou die mense wat die leer van Christus volg, totaal uitroei. Mans sowel as vrouens het ek gevange geneem en in tronke laat stop.

⁵Dit kan die hoëpriester en die hele Joodse Raad bevestig. Van hulle het ek selfs bekendstellingsbriewe aan die Joodse broers in Damaskus gekry om ook daar hierdie mense in hegtenis te gaan neem en Jerusalem toe te bring om gestraf te word.

⁶“Terwyl ek op reis was en naby Damaskus gekom het, het daar teen die middag skielik 'n sterk lig uit die hemel op my gestraal.

⁷Ek het op die grond neergeval en 'n stem vir my hoor sê: ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy My?’

⁸‘Wie is U, Here?’ het ek gevra. ‘Ek is Jesus van Nasaret,’ het Hy my geantwoord. ‘Dit is vir My wat jy vervolg.’

⁹“Die mense wat saam met my was, het wel die lig gesien, maar nie die stem verstaan van Hom wat met my gepraat het nie.

¹⁰Toe vra ek: ‘Wat moet ek doen, Here?’ Die Here sê toe vir my: ‘Staan op en gaan na Damaskus toe. Dáár sal alles vir jou gesê word wat God bepaal het dat jy moet doen.’

¹¹“Die skerp lig het my blind gemaak, en my reisgenote moes my aan die hand lei. So het ek in Damaskus aangekom.

¹²'n Sekere Ananias, 'n man wat getrou volgens die wet van Moses gelewe het en by al die Jode in die stad hoog aangeskrewe was,

¹³het na my toe gekom. Hy het by my kom staan en gesê: ‘Saul, broer, jy kan weer sien!’ En dadelik kon ek hom sien.

¹⁴Toe sê hy: ‘Die God van ons voorvaders het jou uitgekies om sy wil te ken, die Regverdige te sien en sy stem te hoor,

¹⁵want jy sal vir alle mense sy getuie wees van wat jy gesien en gehoor het.

¹⁶En nou, waarom nog wag? Kom, laat jou doop en jou sondes afwas nadat jy sy Naam aangeriep het.’

¹⁷“Ek het na Jerusalem toe teruggegaan, en terwyl ek by die tempel besig was om te bid, het ek in geesvervoering geraak

¹⁸en die Here gesien wat vir my gesê het: ‘Maak gou en gaan dadelik uit Jerusalem weg. Die mense hier sal nie aanvaar wat jy oor My getuig nie.’

¹⁹Toe het ek gesê: ‘Ja, Here, hulle weet dat ek die man is wat oral in die sinagoges die mense wat in U glo, laat vang en laat slaan het.

²⁰En toe Stefanus, u getuie, se bloed vergiet is, het ek self daarby gestaan. Ek het dit goedgekeur en sy moordenaars se klere opgepas.’

²¹Toe het die Here vir my gesê: ‘Jy moet hiervandaan weggaan, want Ek wil jou ver weg stuur, na die heidene toe.’ ”

Paulus en die Romeinse kommandant

²²Meer as dit wou die skare nie hoor nie, en hulle het begin skreeu: “Weg met hom! So 'n man behoort nie te bly lewe nie! ”

²³Die skare het geskreeu, hulle klere uitgepluk en stof in die lug opgegooi.

²⁴Die kommandant het toe beveel dat Paulus in die kaserne ingebring moet word en dat hy geysel moet word om vas te stel hoekom die skare hom so uitgejou het.

²⁵Hulle het hom alreeds vir die geseling vasgebind gehad toe Paulus vir die kaptein wat daarby staan, vra: “Mag julle 'n Romeinse burger gesel, en boonop nog sonder verhoor? ”

²⁶Toe die kaptein dit hoor, gaan hy na die kommandant toe en sê: “Wat gaan u doen? Hierdie man is 'n Romeinse burger.”

²⁷Die kommandant gaan vra toe vir Paulus: “Sê vir my, is jy 'n Romeinse burger? ” “Ja,” antwoord Paulus.

²⁸Toe sê die kommandant: “Ek het 'n groot som geld betaal om die burgerreg te verkry.” En Paulus sê: “Maar ek het dit deur geboorte gekry.”

²⁹Die soldate wat vir Paulus moes gesel, het hom dadelik losgemaak, en selfs die kommandant het bang geword toe hy besef dat Paulus 'n Romeinse burger is en dat hy hom laat boei het.

³⁰Omdat die kommandant presies te wete wou kom wat die Jode teen Paulus het, het hy die volgende dag bevel gegee dat die priesterhoofde en die hele Joodse Raad bymekaar moet kom. Hy het Paulus laat haal en voor hulle gebring.

Handelinge 23

Paulus voor die Joodse Raad

¹Paulus het die lede van die Joodse Raad vierkantig in die oë gekyk en gesê: “Broers, ek het heeltemal 'n skoon gewete oor hoe ek tot vandag toe my lewe in diens van God gelei het.”

²Toe beveel die hoëpriester Ananias die mense wat by Paulus staan, om hom op sy mond te slaan.

³Daarop sê Paulus vir hom: “God sal jou slaan, jou skynheilige! Jy sit hier om my volgens ons wet te verhoor, maar in stryd met die wet beveel jy dat ek geslaan moet word.”

⁴Die mense wat by Paulus staan, sê toe vir hom: “Skel jy die hoëpriester van God uit? ”

⁵Daarop antwoord hy: “Ek het nie geweet dat hy die hoëpriester is nie, broers. Dit is soos daar geskrywe staan: Jy mag nie 'n leier van jou volk beledig nie.”

⁶Paulus het geweet dat die Raad deels uit Sadduseërs en deels uit Fariseërs bestaan. Hy roep toe in die Raad uit: “Broers, ek is 'n Fariseër en ek kom uit 'n familie van Fariseërs. Dit is oor die verwagting dat die dooies weer sal opstaan dat ek verhoor word.”

⁷Toe hy dit sê, het daar rusie tussen die Fariseërs en die Sadduseërs ontstaan, en die vergadering het verdeeld geraak.

⁸Die Sadduseërs ontken dat daar 'n opstanding uit die dood is en dat daar engele en geeste bestaan, maar die Fariseërs aanvaar wel albei hierdie dinge.

⁹'n Hewige woordewisseling het toe ontstaan. 'n Paar skrifgeleerdes van die party van die Fariseërs het opgespring, heftig beswaar gemaak en gesê: “Ons het niks teen hierdie man nie. Miskien het daar 'n gees of 'n engel met hom gepraat.”

¹⁰Die rusie het so hewig geword dat die kommandant bang was dat hulle Paulus uitmekaar sou skeur. Daarom het die kommandant sy soldate beveel om hom tussen hulle te gaan uithaal en terug te bring na die kaserne toe.

¹¹Daardie nag het die Here by Paulus gestaan en vir hom gesê: “Hou moed! Hier in Jerusalem het jy vir My getuig. So moet jy dit in Rome ook nog doen.”

Die komplot teen Paulus

¹²Die volgende dag het die Jode 'n komplot teen Paulus gesmee. Hulle het gesweer dat hulle nie sou eet of drink voordat hulle hom doodgemaak het nie.

¹³Daar was meer as veertig mense wat so saamgesweer het.

¹⁴Hulle het na die priesterhoofde en die familiehoofde toe gegaan en gesê: “Ons het 'n dure eed afgelê dat ons niks oor ons lippe sal neem voordat ons Paulus doodgemaak het nie.

¹⁵Julle moet nou namens die Joodse Raad die versoek aan die kommandant rig dat Paulus weer voor julle gebring moet word. Julle kan voorgee dat julle sy saak noukeuriger wil ondersoek. Ons is reg om hom op pad hierheen dood te maak.”

¹⁶Maar die seun van Paulus se suster het gehoor van die plan om hom voor te lê en kaserne toe gekom en dit vir Paulus gaan vertel.

¹⁷Toe laat Paulus een van die kapteins roep en sê vir hom: “Vat hierdie jongman asseblief na die kommandant toe, want hy het 'n boodskap vir hom.”

¹⁸Hy vat hom toe na die kommandant toe en sê: “Paulus, die gevangene, het my laat roep en my gevra om hierdie jongman na u toe te bring. Hy het iets om vir u te sê.”

¹⁹Die kommandant vat hom toe aan die hand, gaan met hom eenkant en vra vir hom: “Wat is dit wat jy my wil vertel? ”

²⁰Hy het geantwoord: “Die Jode het saamgesweer om u te vra om Paulus môre weer voor die Raad te bring, sogenaamd om sy saak noukeuriger te ondersoek.

²¹U moet hulle tog nie glo nie, want meer as veertig van hulle wil hom voorlê. Hulle het gesweer dat hulle nie sal eet of drink voordat hulle hom doodgemaak het nie. Hulle sit klaar en hulle wag nou net dat u hulle versoek moet toestaan.”

²²Die kommandant sê toe vir hom: “Moet vir niemand sê dat jy dit vir my vertel het nie.” En hy het hom toe laat gaan.

Paulus word na Feliks toe gestuur

²³Die kommandant het toe twee kapteins geroep en hulle beveel: “Maak twee honderd soldate, sewentig perderuiters en twee honderd spiesvegters gereed om teen nege-uur vanaand na Sesarea toe te vertrek.

²⁴Sorg dat daar rydiere is, sodat Paulus veilig na Feliks, die goewerneur, oorgebring kan word.”

²⁵Toe skrywe hy 'n brief met die volgende inhoud:

²⁶“Van Claudius Lisias. “Aan die hooggeagte goewerneur Feliks. “Groete.

²⁷“Die Jode het hierdie man gevang en hulle het op die punt gestaan om hom dood te maak toe ek met my soldate ingegryp en hom gered het, omdat ek te wete gekom het dat hy 'n Romeinse burger is.

²⁸Omdat ek wou uitvind wat hulle beskuldiging teen hom is, het ek hom voor hulle Raad gebring.

²⁹Dit blyk dat hulle hom aankla oor twispunte in verband met hulle wet, maar dat hy niks gedoen het wat die dood of tronkstraf verdien nie.

³⁰Toe aan my meegedeel is dat daar 'n komplot teen die man gesmee is, het ek hom dadelik na u toe gestuur. Vir sy aanklaers het ek gesê om hulle klagte aan u voor te lê.”

³¹Die soldate het hulle opdrag uitgevoer en Paulus dwarsdeur die nag begelei tot in Antipatris.

³²Die volgende dag het hulle die ruitery met Paulus verder laat gaan en self teruggekeer kaserne toe.

³³Die ruitery het in Sesarea aangekom, die brief aan die goewerneur afgelewer en Paulus aan hom oorhandig.

³⁴Hy het die brief gelees en vir Paulus gevra van watter provinsie hy afkomstig is. Toe hy hoor dat hy van Silisië af kom,

³⁵het hy gesê: “Ek sal jou verhoor sodra jou aanklaers kom.” Daarna het hy beveel dat Paulus in die paleis van Herodes bewaak moet word.

Handelinge 24

Die saak teen Paulus voor Feliks

¹Vyf dae later het die hoëpriester Ananias saam met 'n paar van die familiehoofde en 'n advokaat, Tertullus, daar aangekom. Hulle het voor die goewerneur verskyn om hulle aanklag teen Paulus in te dien.

²Paulus is ingeroep, en Tertullus het met die aanklag voor Feliks begin: “U Edele, onder u lewe ons in rus en vrede, en deur u beleid het daar verbeteringe vir hierdie volk ingetree.

³Dit erken ons altyd en oral met diep dankbaarheid.

⁴“Ek wil u nie onnodig vermoei nie. Ek versoek u om met u kenmerkende welwillendheid na 'n kort uiteensetting van ons saak te luister.

⁵“Ons beskou hierdie man as 'n gevaar vir die samelewing. Hy bring skeuring in die Joodse geledere dwarsdeur die wêreld. Hy is 'n leier van die dwaalrigting van die Nasareners.

⁶Toe hy probeer het om selfs die tempel te ontheilig, het ons hom gevange geneem.

⁸As ú hom oor al hierdie dinge verhoor, kan u te wete kom waarom ons hom aankla.”

⁹Hiermee het die Jode saamgestem en hulle het bevestig dat dit so is.

¹⁰Op 'n teken van die goewerneur het Paulus begin praat: “Ek weet dat u al jare lank hierdie mense se regter is. Daarom verdedig ek my saak voor u met vertroue.

¹¹“U kan self vasstel dat ek maar sowat twaalf dae gelede in Jerusalem aangekom het om daar te aanbid.

¹²Niemand het my in die tempel of in die sinagoges of êrens in die stad gekry dat ek met iemand gestry of die skare tot oproer aangehits het nie.

¹³Die beskuldigings wat hulle nou teen my inbring, kan hulle ook nie vir u bewys nie.

¹⁴“Dit erken ek wel voor u: Ek dien die God van my voorvaders volgens die leer van Christus wat hulle 'n dwaalrigting noem. Ek glo nog steeds alles wat in die wet en die profete geskrywe staan.

¹⁵Ek het my hoop op God gestel, en net soos hulle verwag ek dat alle mense, goeies en slegtes, uit die dood sal opstaan.

¹⁶Daarom doen ek ook my uiterste bes om altyd 'n skoon gewete voor God en die mense te hê.

¹⁷“Na baie jare het ek teruggekom om my mense met 'n geldelike bydrae te help en om aan God te offer.

¹⁸Toe ek met die offers besig was, het hulle my in die tempel gekry. Ek was klaar met die reinigingshandeling, en daar was nie 'n skare of 'n gedrang om my nie.

¹⁹Daar was net 'n paar Jode van die provinsie Asië. Dit is eintlik hulle wat hier voor u moes gewees het om my aan te kla, as hulle iets teen my kan inbring.

²⁰Of laat hierdie mense dan nou sê aan watter misdaad ek in my verhoor voor die Joodse Raad skuldig bevind is.

²¹Al wat ek daar vir hulle gesê het, was: Ek staan vandag hier voor julle tereg omdat ek aan die opstanding van die dooies glo.”

²²Hier het Feliks, wat die besonderhede in verband met die leer van Christus taamlik goed geken het, die verhoor onderbreek. “Wanneer Lisias, die kommandant, kom, sal ek julle saak afhandel,” het hy gesê.

²³Hy het die kaptein beveel om Paulus nog aan te hou, maar om hom minder streng te behandel en sy mense ook toe te laat om vir hom te sorg.

Paulus word aangehou

²⁴Na 'n paar dae het Feliks en sy Joodse vrou, Drusilla, vir Paulus laat haal om meer van hom te hoor oor die geloof in Christus Jesus.

²⁵Paulus het met hom gepraat oor 'n lewe in gehoorsaamheid aan God, oor selfbeheersing en oor die komende oordeel. Dit het Feliks laat bang word, en hy het gesê: “Dit is nou genoeg! Gaan maar terug, en as ek tyd het, sal ek jou weer laat roep.”

²⁶Hy het die hele tyd ook gehoop Paulus sou hom omkoopgeld aanbied om los te kom. Daarom het hy hom so dikwels moontlik laat haal om met hom te praat.

²⁷Twee jaar later is Feliks deur Porcius Festus opgevolg. En omdat Feliks die Jode 'n guns wou bewys, het hy Paulus as gevangene agtergelaat.

Handelinge 25

Paulus beroep hom op die keiser

¹Drie dae na sy aankoms in die provinsie het Festus van Sesarea af Jerusalem toe gegaan.

²Die priesterhoofde en die leiers van die Jode het voor hom verskyn en 'n aanklag teen Paulus ingebring. Hulle het hom ernstig versoek

³om hulle 'n guns te bewys en Paulus na Jerusalem toe te laat haal. Hulle het dit gevra omdat hulle hom op pad daarheen in 'n hinderlaag wou doodmaak.

⁴Festus het egter geantwoord: “Paulus word in Sesarea aangehou, en ek is van plan om binnekort daarheen terug te gaan.

⁵Julle bekwaamste manne kan dan saam met my gaan en hom aankla as hy iets verkeerds gedoen het.”

⁶Hy het 'n dag of ag, hoogstens tien, daar deurgebring en toe na Sesarea toe teruggegaan. Die dag na sy aankoms daar het hy op die regbank gaan sit en beveel dat Paulus voor hom gebring moet word.

⁷Toe Paulus binnekom, het die Jode wat van Jerusalem af gekom het, om hom gaan staan en hom van 'n hele klomp ernstige dinge beskuldig, wat hulle nie kon bewys nie.

⁸Paulus het hom toe verdedig: “Ek het niks verkeerds teen die Joodse wet of die tempel of die keiser gedoen nie.”

⁹Maar Festus wou die Jode 'n guns bewys en sê vir Paulus: “Sou jy bereid wees dat ek jou oor hierdie saak in Jerusalem gaan verhoor? ”

¹⁰Paulus antwoord hom: “Ek staan tereg voor die keiserlike regbank. Hier moet ek verhoor word. Ek het die Jode geen kwaad aangedoen nie. Dit weet u self baie goed.

¹¹As ek skuldig is en iets gedoen het wat die doodstraf verdien, is ek bereid om te sterwe. Maar as daar niks in hulle beskuldigings teen my steek nie, kan niemand my as guns aan hulle uitlewer nie. Ek beroep my op die keiser.”

¹²Nadat Festus die saak met sy raadgewers bespreek het, het hy geantwoord: “Jy het jou op die keiser beroep; na die keiser toe sal jy gaan.”

Paulus voor Agrippa en Bernice

¹³Na verloop van tyd het koning Agrippa en Bernice na Sesarea toe gekom om Festus te verwelkom.

¹⁴Hulle het 'n paar dae daar deurgebring, en Festus het Paulus se saak by die koning ter sprake gebring: “Hier is iemand wat deur Feliks as gevangene agtergelaat is.

¹⁵By my aankoms in Jerusalem het die priesterhoofde en die familiehoofde van die Jode 'n aanklag teen hom ingebring en my gevra om hom skuldig te bevind.

¹⁶Ek het hulle geantwoord dat dit nie die Romeinse gebruik is om 'n beskuldigde as guns uit te lewer nie. Hy moet eers geleentheid kry om hom voor sy aanklaers teen hulle beskuldiging te verdedig.

¹⁷Toe hulle hierheen gekom het, het ek sonder uitstel die volgende dag op die regbank gaan sit en bevel gegee dat die man voor my gebring moet word.

¹⁸Sy aanklaers het om hom gaan staan en hom beskuldig, maar nie van ernstige misdade soos ek verwag het nie.

¹⁹Dit het alles gegaan oor twisvrae in hulle eie godsdienste en oor 'n sekere Jesus wat dood is, maar van wie Paulus beweer dat hy lewe.

²⁰Omdat ek nie geweet het hoe om hierdie saak te hanteer nie, het ek gevra of hy gewillig sou wees om Jerusalem toe te gaan en daar oor hierdie dinge verhoor te word.

²¹Maar Paulus het hom op die keiser beroep. Hy wou liever gevangene bly en deur die keiser verhoor word. Ek het toe beveel dat hy aangehou moet word totdat ek hom na die keiser toe kan stuur.”

²²Agrippa sê toe vir Festus: “Ek sou self ook graag die man wil hoor.” “Môre kan u hom hoor,” antwoord Festus.

²³Die volgende dag het Agrippa en Bernice met groot vertoon die saal binnegekom in geselskap van die generaals en die vooraanstaande inwoners van die stad. Op Festus se bevel is Paulus ingebring.

²⁴Toe sê Festus: “Koning Agrippa en almal hier teenwoordig, kyk, dit is die man teen wie al die Jode in Jerusalem en hier 'n aanklag by my ingebring het. Hulle het geskreeu dat hy nie langer behoort te lewe nie.

²⁵Ek kon egter nie vasstel dat hy iets gedoen het wat die doodstraf verdien nie. Aangesien hy hom op die keiser beroep het, het ek besluit om hom daarheen te stuur.

²⁶Maar ek weet eintlik nie wat ek vir die keiser moet skrywe nie. Daarom het ek hom voor u gebring, en veral voor u, koning Agrippa, sodat ek ná die ondersoek iets kan hê om te skrywe.

²⁷Dit is sinloos, lyk dit vir my, om 'n gevangene te stuur sonder om die aanklag teen hom duidelik aan te gee.”

Handelinge 26

Paulus verdedig hom voor Agrippa

¹Agrippa sê toe vir Paulus: “Jy kan maar jou saak stel.” Met 'n handbeweging het Paulus sy verdediging begin:

²“Koning Agrippa, ek ag my gelukkig dat ek my vandag juis voor u teen al die beskuldigings van die Jode kan verdedig,

³veral omdat u so goed bekend is met al die Joodse gebruike en twisvrae. Ek versoek u dus om geduldig na my te luister.

⁴“Al die Jode ken my geskiedenis van jongs af. Van die begin af het ek tussen my volk en in Jerusalem gewoon.

⁵Hulle ken my al lankal en kan getuig, as hulle wil, dat ek my hele lewe lank lid was van die Fariseërs, die strengste party van ons godsdiens.

⁶En nou staan ek tereg omdat ek my hoop gevestig het op die belofte wat God aan ons voorvaders gemaak het.

⁷Ons twaalf stamme dien God nougeset dag en nag juis omdat hulle die hoop het dat Hy sal doen wat Hy belowe het. Oor hierdie hoop, U Majesteit, word ek deur die Jode beskuldig.

⁸Waarom is dit vir u en ander onmoontlik om te glo dat God dooies opwek?

⁹“Ek het self gedink dat ek alles in my vermoë moes doen teen die Naam van Jesus van Nasaret.

¹⁰Dit het ek toe ook in Jerusalem gedoen. Met die magtiging van die priesterhoofde het ek baie van die gelowiges in tronke gestop, en as hulle die doodstraf opgelê word, het ek daarmee saamgestem.

¹¹Dikwels het ek hulle in al die sinagoges laat straf om hulle te dwing om hulle geloof af te sweer. Ek het hulle so gehaat dat ek hulle selfs in die buitelandse stede vervolg het.

¹²“Terwyl ek hieroor na Damaskus toe op reis was, met volmag en in opdrag van die priesterhoofde,

¹³het ek, U Majesteit, helder oordag langs die pad 'n lig gesien wat uit die hemel gekom het. Dit was helderder as die son en dit het op my en my reisgenote geskyn.

¹⁴Ons het almal op die grond neergeval, en ek het 'n stem in Hebreeus vir my hoor sê: ‘Saul, Saul, waarom vervolg jy My? Jy maak jou net seer deur jou te verset.’

¹⁵‘Wie is U, Here? ’ vra ek toe. ‘Ek is Jesus,’ sê die Here. ‘Dit is vir My wat jy vervolg.

¹⁶Maar staan op, staan regop. Ek het aan jou verskyn om jou as my dienaar aan te stel. Jy moet getuie wees van wat jy van My gesien het en van wat Ek jou nog sal laat sien.

¹⁷Ek sal jou beskerm teen die volk Israel en teen die heidennasies na wie toe Ek jou stuur.

¹⁸Jy moet hulle oë oopmaak sodat hulle hulle van die duisternis tot die lig en van die mag van die Satan tot God kan bekeer. Deur in My te glo, sal hulle sondes vergewe word en sal hulle deel word van die volk van God.’

¹⁹“Van toe af, koning Agrippa, was ek nie aan die gesig uit die hemel ongehoorsaam nie.

²⁰Ek het eers vir die mense in Damaskus en in Jerusalem en toe deur die hele Judea en daarna vir die heidennasies gepreek dat hulle tot inkeer moet kom en hulle tot God moet bekeer; en dit moet hulle bewys met daade wat by die bekering pas.

²¹Daarom het die Jode my by die tempel aangeval en probeer vermoor.

²²Omdat God my tot vandag toe bewaar het, staan ek hier as sy getuie voor klein en groot. Ek verkondig maar net waarvan die profete en Moses gepraat het:

²³Die Christus moes ly en die eerste wees wat uit die dood opstaan. Daardeur sou Hy aan die Jode en aan die heidennasies die lig bring.”

²⁴Terwyl Paulus hom nog so verdedig, skreeu Festus: “Jy's mal, Paulus! Jou groot geleerdheid maak jou mal! ”

²⁵Maar Paulus sê: “Ek is nie mal nie, U Edele, maar onder die leiding van die Heilige Gees praat ek die waarheid wat elkeen kan verstaan.

²⁶Die koning weet van hierdie dinge, en daarom praat ek openhartig met hom. Ek is seker dat dit nie sy aandag ontgaan het nie, want dit het nie êrens in 'n hoekie gebeur nie.

²⁷Koning Agrippa, glo u die profete? Ek weet u glo.”

²⁸Agrippa sê toe vir Paulus: “Jy dink seker jy kan my sommer gou-gou 'n Christen maak.”

²⁹“Of dit nou gou-gou gebeur of langer duur,” antwoord Paulus, “ek bid God dat nie net u nie, maar almal wat vandag na my luister, sal word wat ek is, natuurlik net sonder hierdie boeie.”

³⁰Die koning het opgestaan en saam met hom ook die goewerneur en Bernice, met hulle gevolg.

³¹Toe hulle uitgaan, sê hulle vir mekaar: “Hierdie man het niks gedoen wat die dood of tronkstraf verdien nie.”

³²Agrippa sê toe vir Festus: “Hierdie man kon vrygelaat gewees het as hy hom nie op die keiser beroep het nie.”

Handelinge 27

Paulus se reis na Rome toe

¹Toe ons vertrek na Italië toe bepaal was, het hulle Paulus en 'n paar ander gevangenes aan Julius, 'n offisier van die keiserlike regiment, oorhandig.

²Ons het weggevaar aan boord van 'n skip van Adramittium wat by die hawens van die provinsie Asië sou aandoen. Saam met ons was Aristargos, 'n Masedoniër van Tessalonika.

³Ons het die volgende dag in Sidon aangekom. Julius was tegemoetkomend teenoor Paulus en het hom toegelaat om sy vriende te besoek. Hulle het hom van die een en ander voorsien.

⁴Ons het daarvandaan weggevaar en ons is aan die beskutte kant van Siprus verby, omdat die wind teen ons was.

⁵Met Silisië en Pamfilië aan ons regterkant het ons die see oorgesteek en Mira in Lisië bereik.

⁶Daar het die offisier 'n Aleksandrynse skip gekry wat na Italië toe sou vaar, en ons daarop gesit.

⁷Ons het dae lank stadig gevaar en met moeite regoor Knidus gekom. Toe die wind ons nie toegelaat het om verder op dié koers voort te gaan nie, het ons aan die beskutte kant van Kreta by Salmone verby gevaar.

⁸Ons het met moeite langs die kus op gevaar en 'n plek met die naam Mooi Hawens bereik, naby die stad Lasea.

⁹Ons het baie tyd verloor, en dit het al gevaarlik geword vir skeepvaart, want dit het al begin winter word. Paulus waarsku hulle toe:

¹⁰“Manne, ek sien dat ons vaart van nou af gevaarlik sal wees en dat daar nie net groot skade aan die vrag en die skip gaan kom nie, maar ook lewensverlies.”

¹¹Die Romeinse offisier het egter meer waarde geheg aan die mening van die kaptein en die eienaar van die skip as aan wat Paulus gesê het.

¹²Die hawe was nie geskik om daar te oorwinter nie, en die meeste wou liever daarvandaan wegvaar en probeer om Feniks te bereik. Feniks was 'n hawe van Kreta wat suidwes en noordwes see toe oop lê. Daar sou hulle kon oorwinter.

Die storm op see

¹³'n Ligte bries het uit die suide begin waai, en die manne het gedink dat hulle hulle plan sou kon uitvoer. Die anker is gelig, en hulle het so na moontlik aan die kus van Kreta gevaar.

¹⁴Maar dit was nie lank nie toe waai daar 'n stormwind van die land af, die Noordoos, genoem die Eurakilon.

¹⁵Die wind het die skip meegesleur. Omdat dit onmoontlik was om die skip se boeg wind op te hou, het ons dit opgegee en wind af gedrywe.

¹⁶Ons het 'n bietjie beskutting gevind toe ons onderkant die eilandjie Kauda langs kom. Daar kon ons darem met moeite die bootjie van die skip in veiligheid bring.

¹⁷Nadat die matrose die bootjie opgehaal het, het hulle as noodmaatreël 'n paar toue styf onder om die skip vasgemaak. Omdat hulle bang was dat die skip op die sandbanke van die Sirtis verpletter sou word, het hulle die dryfanker laat sak en die skip sommerso laat drywe.

¹⁸Omdat ons baie swaar gekry het in die storm, het hulle die volgende dag die skip se vrag oorboord begin gooi.

¹⁹Die dag daarna het hulle eiehandig ook die skip se toerusting in die see gegooi.

²⁰Dae lank was die son en die sterre nie te sien nie en het die geweldige wind voortgewoed. Uiteindelik het ons alle hoop laat vaar om gered te word.

²¹Nadat hulle 'n lang tyd nie meer geëet het nie, het Paulus tussen hulle gaan staan en gesê: “Manne, julle moes na my geluister het en nie van Kreta af weggevaar het nie. Dan sou ons hierdie ramp en skade vrygespring het.

²²Maar selfs in hierdie omstandighede vra ek julle: Hou moed! Niemand van julle sal sy lewe verloor nie. Net die skip sal vergaan.

²³Verlede nag het daar 'n engel aan my verskyn van die God aan wie ek behoort en wat ek dien.

²⁴Die engel het vir my gesê: ‘Moenie bang wees nie, Paulus. Jy moet nog voor die keiser verskyn. En ter wille van jou spaar God in sy goedheid die lewe van almal wat hier saam met jou op die skip is.’

²⁵Daarom, hou moed, manne! Ek vertrou op God dat alles net so sal gebeur soos Hy vir my gesê het.

²⁶Dit is so bestem dat ons êrens op 'n eiland moet strand.”

²⁷Die veertiende nag dat ons so op die Adriatiese See rondgeslinger is, teen middernag, het die matrose vermoed dat ons naby land kom.

²⁸Hulle het 'n dieplood uitgegooi en 'n diepte van ses en dertig meter gekry. 'n Bietjie verder het hulle weer die dieplood uitgegooi, en toe was dit sewe en twintig meter.

²⁹Hulle was bang die skip loop op die rotse en het toe vier ankers by die agterstewe van die skip uitgegooi en gewens dit moet dag word.

³⁰Die matrose wou weggom van die skip af en het die bootjie in die see neergelaat onder die voorwendsel dat hulle ankers by die boeg van die skip wou laat sak.

³¹Paulus sê toe vir die offisier en sy soldate: “As hierdie matrose nie aan boord bly nie, kan julle nie gered word nie.”

³²Toe het die soldate die toue van die bootjie afgekap en hom in die see laat val.

³³Net toe dit begin lig word, het Paulus almal aangespoor om te eet: “Vandag is dit al veertien dae dat julle in spanning wag sonder om iets te eet.

³⁴Daarom raai ek julle aan om nou te eet. Julle het dit nodig om gered te word. Niemand van julle sal 'n haar van sy kop verloor nie.”

³⁵Nadat Paulus dit gesê het, het hy brood geneem, God in die teenwoordigheid van almal gedank, dit gebreek en begin eet.

³⁶Hulle het almal moed geskep en self ook begin eet.

³⁷Ons was altesaam twee honderd ses en sewentig mense aan boord.

³⁸Nadat hulle genoeg geëet het, het hulle die vrag koring in die see gegooi en so die skip nog ligter gemaak.

Die skipbreuk

³⁹Toe dit dag word, kon hulle nie die land herken nie, maar hulle het 'n baai met 'n strand gesien. Hulle besluit toe om die skip daar te laat strand as hulle kon.

⁴⁰Hulle het die ankers afgekap en in die see gelos. Terselfdertyd het hulle die toue wat die stuurspane vashou, losgemaak en die voorseil gehys, sodat die wind die skip strand toe kon voer.

⁴¹Maar die skip het op 'n sandbank geloop en gestrand. Die boeg het vasgesteek en kon nie beweeg nie. Die agterstewe is deur die geweld van die golwe stukkend geslaan.

⁴²Die soldate het besluit om die gevangenes dood te maak, sodat niemand van hulle dalk kon uitswem en ontsnap nie.

⁴³Maar die Romeinse offisier wou Paulus red en het hulle verhinder om dit te doen. Hy het die mense wat kon swem, beveel om eerste oorboord te spring en land toe te swem.

⁴⁴Die ander moes dan volg deur aan planke en ander wrakstukke vas te klou. Op hierdie manier het almal veilig aan land gekom.

Handelinge 28

Paulus op die eiland Malta

¹Nadat ons veilig aan wal gekom het, het ons gehoor dat dit die eiland Malta is.

²Die mense daar was baie vriendelik teenoor ons. Omdat dit begin reën het en koud was, het hulle 'n vuur aangesteek en ons almal daarby verwelkom.

³Paulus het 'n klomp hout bymekaargemaak en op die vuur gegooi. Van die hitte het daar 'n slang uitgekroon, en dit het aan sy hand vasgebyt.

⁴Toe die mense die slang aan Paulus se hand sien hang, sê hulle vir mekaar: “Hierdie man moet beslis 'n moordenaar wees. Al is hy uit die see gered, wil die goddelike wraak hom nie laat lewe nie.”

⁵Paulus het egter die slang in die vuur afgeskud en niks oorgekom nie.

⁶Hulle het gewag dat hy moet opswel of skielik dood neerslaan, maar nadat hulle 'n lang ruk gewag het en gesien het dat daar niks ongewoons met hom gebeur nie, het hulle van mening verander en gesê hy is 'n god.

⁷Daar was 'n plaas in daardie omgewing wat aan die hoof van die eiland, 'n man met die naam Publius, behoort het. Hy het ons vriendelik ontvang en ons drie dae lank as sy gaste gehuisves.

⁸Publius se pa was in die bed, siek aan maagkoors. Paulus het na hom toe gegaan, en nadat hy gebed het, het hy hom die hande opgelê en hom gesond gemaak.

⁹Na hierdie voorval het ook die ander siekes op die eiland na Paulus toe gekom, en hy het hulle gesond gemaak.

¹⁰Hulle het ons met baie geskenke vereer, en toe ons vertrek, het hulle ons van alles voorsien wat ons nodig gehad het.

Van Malta af Rome toe

¹¹Na drie maande het ons vertrek met die Dioskuri, 'n Aleksandrynse skip, wat daar oorwinter het.

¹²Ons het in Sirakuse gekom en drie dae daar oorgebly.

¹³Daarvandaan het ons verder gevaar en in Regium gekom. Die volgende dag het daar 'n suidewind begin waai, en na twee dae was ons in Puteoli.

¹⁴Daar het ons gelowiges teëgekom wat ons uitgenooi het om sewe dae by hulle te bly. En so is ons na Rome toe.

¹⁵Die gelowiges daar het van ons gehoor, en party van hulle het ons by die Appiusmark kom ontmoet en party by die Drie Herberge. Toe Paulus hulle sien, het hy God gedank en moed geskep.

Paulus in Rome

¹⁶Na ons aankoms in Rome het Paulus die vergunning gekry om op sy eie te woon met 'n soldaat om hom te bewaak.

¹⁷Drie dae later het hy die Joodse leiers na hom toe uitgenooi. Toe hulle bymekaargekom het, het hy vir hulle gesê: “Broers, ek het niks teen ons volk of teen die gebruike van ons voorvaders gedoen nie, en tog is ek in Jerusalem gevange geneem en aan die Romeine uitgelewer.

¹⁸Hulle het my verhoor en wou my loslaat omdat daar geen rede was om my ter dood te veroordeel nie.

¹⁹Maar omdat die Jode daarteen beswaar gemaak het, is ek gedwing om my op die keiser te beroep. Dit beteken egter nie dat ek 'n aanklag teen my volk gaan inbring nie.

²⁰Dit is dan die rede waarom ek u laat roep het om u te ontmoet en met u te praat. Ek is in hierdie boeie ter wille van Hom vir wie Israel verwag.”

²¹Toe sê hulle vir hom: “Ons het geen briewe oor u van Judea af gekry nie, en nie een van ons broers het berig oor u gebring of iets kwaads van u gesê nie.

²²Ons wil graag hoor wat u dink, want al wat ons weet, is dat daar oral teenstand teen hierdie rigting is.”

²³Hulle het toe 'n datum met hom afgespreek, en op daardie dag het daar nog meer mense na die plek toe gekom waar hy gebly het. Van vroeg die môre tot laat die aand het Paulus die koninkryk van God vir hulle verduidelik en hulle uit die wet van Moses en uit die profete probeer oortuig van Jesus.

²⁴Deur sy uiteensetting het daar party oortuig geraak, maar ander wou nie glo nie.

²⁵Hulle was dit nie met mekaar eens nie en het weggegaan, maar Paulus het nog eers dít vir hulle gesê: “Hoe waar is dit tog wat die Heilige Gees by monde van die profeet Jesaja vir julle voorvaders gesê het!

²⁶Hy het gesê: “Gaan na hierdie volk toe en sê vir hulle: Julle sal hoor en hoor en tog niks verstaan nie; en kyk en kyk en tog niks sien nie.

²⁷Hierdie volk se verstand is afgestomp: hulle het hulle ore toegedruk en hulle oë toegemaak, sodat hulle nie met hulle oë kan sien en met hulle ore kan hoor en met hulle verstand verstaan en hulle bekeer en Ek hulle gesond maak nie.

²⁸“Julle moet nou goed verstaan dat God se boodskap van redding na die heidennasies toe gestuur word. Hulle sal luister.”

³⁰Paulus het 'n volle twee jaar lank in die huis gebly wat hy gehuur het, en hy het almal ontvang wat hom kom besoek het.

³¹Hy het die koninkryk van God verkondig en die mense alles oor die Here Jesus Christus geleer. Dit het hy gedoen met die grootste vrymoedigheid en sonder enige verandering.

Romeine

Romeine 1

¹Van Paulus, 'n dienaar van Christus Jesus, geroep om apostel te wees, afgesonder vir die evangelie van God.

²Hierdie evangelie het Hy vooruit deur sy profete in die Heilige Skrif aangekondig,

³en dit handel oor sy Seun. As mens is Hy uit die geslag van Dawid gebore;

⁴op grond van sy opstanding uit die dood is Hy deur die Heilige Gees aangewys as die Seun van God wat met mag bekleed is, Jesus Christus ons Here.

⁵Deur Hom het ek die genade ontvang om apostel te wees onder al die heidennasies, om tot eer van sy Naam mense tot geloof en so tot gehoorsaamheid te bring.

⁶Julle is hierby inbegrepe; ook julle is geroep om aan Jesus Christus te behoort.

⁷Aan almal in Rome vir wie God liefhet en wat Hy geroep het om aan Hom te behoort. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Paulus se dank, verlange en verpligting

⁸Allereers dank ek my God deur Jesus Christus oor julle almal, want in die hele wêreld praat die mense oor julle geloof.

⁹God, wat ek met hart en siel dien deur die evangelie van sy Seun te verkondig, is my getuie dat ek gedurig in my gebede aan julle dink.

¹⁰Elke keer as ek bid, vra ek God of Hy dit nie uiteindelik vir my moontlik wil maak om julle te besoek nie.

¹¹Ek sien baie daarna uit om julle te besoek, want ek wil 'n geestelike gawe aan julle oordra om julle te versterk.

¹²Ek bedoel dat, as ek by julle is, ons deur mekaar se geloof bemoedig kan word, ek deur julle s'n en julle deur myne.

¹³Broers, ek wil hê julle moet weet dat, hoewel ek tot nog toe verhinder is, ek my dikwels voorgeneem het om julle te besoek om ook by julle, net soos by die ander heidennasies, mense vir Christus te wen.

¹⁴Ek staan onder 'n verpligting teenoor Grieke en nie-Grieke, teenoor ontwikkeldes en ongeleerdes,

¹⁵en vandaar my begeerte om ook aan julle in Rome die evangelie te verkondig.

¹⁶Ek skaam my nie oor die evangelie nie, want dit is 'n krag van God tot redding van elkeen wat glo, in die eerste plek die Jood, maar ook die nie-Jood.

¹⁷In die evangelie kom juis tot openbaring dat God mense van hulle sonde vryspreek enkel en alleen omdat hulle glo. Dit is soos daar geskrywe staan: “Elkeen wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.”

Die sonde en die straf

¹⁸God openbaar vanuit die hemel sy toorn oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat die waarheid deur hulle ongeregtigheid probeer onderdruk.

¹⁹Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik, want God het dit binne hulle bereik gebring.

²⁰Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie,

²¹omdat, al weet hulle van God, hulle Hom nie as God eer en dank nie. Met hulle redenasies bereik hulle niks nie, en deur hulle gebrek aan insig bly hulle in die duister.

²²Hulle gee voor dat hulle verstandig is, maar hulle is dwaas.

²³In die plek van die heerlijkheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere of slange.

²⁴Daarom gee God hulle aan die drange van hulle hart oor en aan sedelike onreinheid, sodat hulle hulle liggame onder mekaar onteer.

²⁵Dit is hulle wat die waarheid van God verruil vir die leuen. Hulle dien en vereer die skepsel in plaas van die Skepper, aan wie die lof toekom vir ewig. Amen.

²⁶Daarom gee God hulle oor aan skandelijke drifte. Hulle vroue verander die natuurlike omgang in 'n teen-natuurlike omgang.

²⁷Net so laat vaar die mans ook die natuurlike omgang met die vrou en brand van begeerte vir mekaar. Mans pleeg skandelikhede met mans en bring oor hulleself die verdiende straf vir hulle perversiteit.

²⁸En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattings, sodat hulle doen wat onbetaamlik is.

²⁹Hulle is een en al ongeregtigheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis, bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en

³⁰praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers;

³¹hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig.

³²Hulle is mense wat die verordening van God ken dat dié wat sulke dinge doen, die dood verdien, en tog doen hulle nie net self hierdie dinge nie, maar hulle vind dit ook goed as ander dit doen.

Romeine 2

Die regverdige oordeel van God

¹Daarom is daar vir jou geen verontskuldiging nie, vir jou, mens wat 'n ander veroordeel, wie jy ook al is. Deurdat jy oor 'n ander 'n oordeel uitspreek, veroordeel jy jouself, want jy wat veroordeel, doen dieselfde dinge.

²Ons weet dat God regverdig handel wanneer Hy mense wat sulke dinge doen, veroordeel.

³Maar jy, mens, wat ander veroordeel wat sulke dinge doen, en jy doen dit self, verbeel jy jou dat jy aan die oordeel van God sal ontkom?

⁴God is ryk in goedheid, verdraagsaamheid en geduld! Sê dit vir jou niks nie? Besef jy nie dat God jou deur sy goedheid tot bekering wil lei nie?

⁵Maar deur jou verharding en jou onbekeerlike hart is jy besig om vir jouself straf op te gaar vir die oordeelsdag, wanneer God sy regverdige oordeel sal uitspreek.

⁶Hy sal elkeen vergeld volgens sy dade:

⁷aan dié wat in goeddoen volhard en op dié manier soek na ewige heerlikheid, eer en onverganklikheid, gee Hy die ewige lewe;

⁸maar dié wat uit selfsug ongehoorsaam is aan die waarheid en toegee aan die ongeregtigheid, straf Hy in sy toorn.

⁹Lyding en benoudheid bring Hy oor die lewe van elke mens wat kwaad doen, in die eerste plek oor dié van die Jood, maar ook oor dié van die nie-Jood.

¹⁰Ewige heerlikheid, eer en vrede skenk Hy aan elkeen wat goed doen, in die eerste plek aan die Jood, maar ook aan die nie-Jood.

¹¹God trek immers niemand voor nie.

Die besit van die wet stel jou nie vry van straf nie

¹²Almal wat sonder die wet van Moses gesondig het, sal ook sonder die wet verlore gaan; en almal wat onder die wet gesondig het, oor hulle sal volgens die wet geoordeel word.

¹³Nie dié wat die wet hoor, word deur God vrygespreek nie, maar dié wat doen wat die wet sê, sal vrygespreek word.

¹⁴Wanneer heidene, wat nie die wet het nie, tog vanself dinge doen wat die wet vereis, is hulle vir hulleself 'n wet al het hulle nie die wet nie.

¹⁵Die optrede van sulke mense bewys dat die eise van die wet in hulle harte geskrywe staan. Ook hulle gewetens getuig daarvan wanneer hulle in 'n innerlike tweestryd deur hulle gedagtes aangekla of vrygespreek word.

¹⁶Dit sal aan die lig kom op die dag wanneer God deur Christus Jesus oor die verborge dinge van die mense sal oordeel, ooreenkomstig die evangelie wat ek verkondig.

Die Jode en die wet

¹⁷Jy, jy sê jy is 'n Jood, jy verlaat jou op die wet van Moses, jy beroem jou daarop dat God jou God is,

¹⁸jy ken sy wil en jy onderskei die dinge waar dit werklik op aankom, omdat jy deur die wet onderrig word.

¹⁹Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir die blindes is, 'n lig vir dié wat in die duisternis is,

²⁰'n leermeester van dié wat onkundig is, 'n onderwyser van dié wat niks weet nie, omdat die wet vir jou die samevatting is van kennis en waarheid —

²¹jy dan, wat 'n ander leer, leer jy jouself? Jy wat preek dat 'n mens nie mag steel nie, steel jy nie?

²²Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? Jy wat 'n afsku het van afgode, beroof jy nie hulle tempels nie?

²³Jy wat jou op die wet beroem, doen jy God nie oneer aan deur sy wet te oortree nie?

²⁴Inderdaad, soos daar geskrywe staan, “as gevolg van julle optrede word die Naam van God deur die heidennasies belaster.”

Die besnydenis sonder meer het nie waarde nie

²⁵Die besnydenis het waarde alleen as jy die wet van Moses onderhou. Maar as jy die wet voortdurend oortree, is jou besnydenis niks anders as onbesnedenheid nie.

²⁶As die onbesnedene die voorskrifte van die wet onderhou, sal God dan nie sy onbesnedenheid as besnedenheid reken nie?

²⁷Ja, iemand wat kragtens sy afkoms 'n onbesnedene is, maar tog die wet onderhou, sal jou selfs veroordeel, vir jou wat met wetsvoorskrifte en besnydenis en al die wet oortree.

²⁸Nie hy is 'n Jood wat dit uiterlik is nie, en nie dit is besnedenheid wat uiterlik aan die liggaam gedoen is nie.

²⁹Nee, hy is 'n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God.

Romeine 3

Die oordeel van God is nie in stryd met die voorreg van die Jode nie

¹Het dit dan enige voordeel om 'n Jood te wees, en het die besnydenis enige nut?

²Ja, baie, in allerlei opsigte. Die belangrikste is dat God sy woorde aan die Jode toevertrou het.

³Maar wat nou as sommige nie getrou gebly het nie? Sal hulle ontrou die trou van God laat ophou?

⁴Beslis nie. Dit staan vas dat God betroubaar is en elke mens 'n leuenaar, soos daar geskrywe staan: “U is regverdig wanneer U uitspraak doen en U wen u saak wanneer U aangekla word.”

⁵Ons verkeerde dade laat dus blyk dat God regverdig is. Wat sal ons daarvan sê? Ek redeneer soos mense gewoonlik redeneer. Is God dan nie onregverdig as Hy ons straf nie?

⁶Beslis nie. Hoe sou God anders oor die wêreld kan oordeel?

⁷Maar as my leuenagtigheid die betroubaarheid van God duideliker aan die lig gebring het en so dien tot eer van God, waarom word ek dan nog as sondaar veroordeel?

⁸Betekén dit dat ons sê: Laat ons die verkeerde doen sodat die goeie daaruit kan voortkom? Daar is mense wat ons dit wel lasterlik in die mond lê, maar hulle kry die oordeel wat hulle verdien.

Niemand is regverdig nie

⁹Waarop kom dit neer? Is ons as Jode dan beter as die ander? Glad nie, want ons het al bewys dat Jode en nie-Jode almal in die mag van die sonde is.

¹⁰Daar staan immers geskrywe: “Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie een nie,

¹¹daar is nie een wat verstandig is nie; daar is nie een wat na die wil van God vra nie.

¹²“Almal het afgedwaal, almal het ontaard. Daar is nie een wat goed doen nie, selfs nie een nie.

¹³“Hulle keel is 'n oop graf, met hulle tonge bedrieg hulle. Oor hulle lippe kom woorde so giftig soos slange,

¹⁴hulle mond is vol vervloeking en bitterheid.

¹⁵“Hulle voete is vinnig om bloed te vergiet.

¹⁶Hulle laat 'n spoor van verwoesting en ellende agter.

¹⁷Die pad van vrede het hulle nie leer ken nie,

¹⁸ontsag vir God het hulle nie.”

¹⁹Dit weet ons: alles wat Moses se wet sê, sê hy vir dié wat die wet het. Niemand sal hom dus kan verweer nie, en die hele wêreld is strafwaardig voor God.

²⁰Daarom sal geen mens op grond van wetsonderhouding deur God vrygespreek word nie; intendeel, deur die wet leer 'n mens wat sonde is.

God verlos die mens

²¹Maar nou het die vryspraak deur God waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie,

²²maar deur in Jesus Christus te glo. God gee dit sonder onderskeid aan almal wat glo.

²³Almal het gesondig, en het nie deel aan die heerlikheid van God nie,

²⁴maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus.

²⁵⁻²⁶Hom het God gegee as offer wat deur sy bloed versoening bewerk het vir dié wat glo. Hierdeur het God getoon wat sy vryspraak behels: Hy het die sondes wat Hy voorheen in sy verdraagsaamheid tydelik ongestraf laat bly het, vergewe. Maar Hy het ook getoon wat sy vryspraak in die teenswoordige tyd behels: Hy oordeel regverdig deurdat Hy elkeen vryspreek wat in Jesus glo.

²⁷Het ons nou iets uit onself om op te roem? Nee, dit is uitgesluit. Deur watter wet? Dié van die werke? Nee, deur dié van die geloof.

²⁸Ons betoog is tog dat 'n mens vrygespreek word omdat hy glo, nie omdat hy die wet onderhou nie.

²⁹Of is God net God van die Jode, nie ook van die heidennasies nie? Ja, ook van die heidennasies,

³⁰want daar is net een God. Hy sal die besnedenes deur die geloof en die onbesnedenes deur dieselfde geloof vryspreek.

³¹Hef ons dan deur die geloof die wet op? Beslis nie. Ons laat die wet juis tot sy reg kom.

Romeine 4

Die voorbeeld van Abraham

¹Wat moet ons nou sê was die geval met ons stamvader Abraham?

²As Abraham op grond van sy daade vrygespreek is, dan het hy 'n rede gehad om te roem. Maar nie by God nie!

³Wat sê die Skrif? “Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek.”

⁴'n Arbeider se loon word nie vir hom as 'n guns gegee nie, maar as iets wat hom toekom.

⁵Maar die mens wat nie op wetsonderhouding staatmaak nie, maar wat glo in Hom wat die goddelose vryspreek, hy kry die vryspraak deur sy geloof.

⁶So sê ook Dawid dat dié mens geseënd is wat deur God vrygespreek word buite wetsonderhouding om:

⁷“Geseënd is die mense wie se oortredinge nie gestraf word nie en wie se sonde vergewe word.

⁸Geseënd is die mens vir wie die Here die sonde nie toereken nie.”

⁹Het hierdie uitspraak oor wie geseënd is, net betrekking op die besnedenes of ook op die onbesnedenes? Ons sê weer: “Deurdat Abraham geglo het, het God hom vrygespreek.”

¹⁰Wanneer het dit gebeur? Toe hy reeds besny was of toe hy nog onbesnede was? Dit was nie toe hy besnede was nie, maar toe hy nog onbesnede was.

¹¹Hy het die besnydenis as 'n teken ontvang. Dit is 'n seël wat bewys dat God hom vrygespreek het deurdat hy geglo het toe hy nog onbesnede was. Die doel daarmee was dat hy die vader sou wees van almal wat glo al is hulle nie besny nie. Hulle word dus ook deur God vrygespreek deurdat hulle glo.

¹²Ons voorvader Abraham sou ook die vader wees van dié besnedenes wat nie net besny is nie, maar ook glo, soos hy geglo het toe hy nog onbesnede was.

Wat belowe is, word deur die geloof verkry

¹³Dit is trouens nie omdat Abraham die wet van Moses onderhou het dat aan hom en sy nageslag die belofte gegee is dat hy die wêreld as besitting sal ontvang nie, maar omdat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het.

¹⁴As mense deur wetsonderhouding deelgenote van die belofte sou kon word, sou die geloof sy betekenis verloor het en die belofte sy krag.

¹⁵Die wet bring juis die straf van God, want waar daar nie 'n wet is nie, is daar ook geen oortreding van die wet nie.

¹⁶Daarom het die belofte deur die geloof, en dus uit genade, tot Abraham gekom sodat dit van krag sou bly vir sy hele nageslag. En sy nageslag is nie net

dié wat die wet ontvang het nie, maar ook dié wat glo, soos Abraham geglo het. Hy is immers die vader van ons almal,

¹⁷soos daar geskrywe staan: “Ek het jou die vader van baie nasies gemaak.” Dít is hy in die oë van God in wie hy geglo het, God wat dooies lewend maak en dinge wat nie bestaan nie, tot stand bring deur sy woord.

¹⁸Toe daar geen hoop meer was nie, het Abraham nog gehoop en geglo, en so die vader van baie nasies geword volgens die belofte: “So sal jou nageslag wees.”

¹⁹Al was hy sowat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie.

²⁰Hy het nie in ongeloof begin twyfel aan die belofte van God nie, maar hy is in sy geloof versterk en het aan God die eer gegee.

²¹Hy was ook ten volle daarvan oortuig dat God mag het om te doen wat Hy belooft het.

²²Deurdat Abraham geglo het, het God hom dus vrygespreek.

²³Dat hy vrygespreek is deurdat hy geglo het, is nie net ter wille van hom opgeteken nie,

²⁴maar ook ter wille van ons wat vrygespreek sal word, óns wat in God glo wat vir Jesus, ons Here, uit die dood opgewek het.

²⁵Hy is vanweë ons oortredings oorgelewer en Hy is opgewek sodat ons vrygespreek kan word.

Romeine 5

Die vrug van die vryspraak

¹God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Here Jesus Christus.

²Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan. En ons verheug ons ook in die hoop om deel te hê aan die heerlijkheid van God.

³Dit is egter nie al nie. Ons verheug ons ook in die swaarkry, want ons weet: swaarkry kweek volharding,

⁴en volharding kweek egtheid van geloof, en egtheid van geloof kweek hoop;

⁵en dié hoop beskaam nie, want God het sy liefde in ons harte uitgestort deur die Heilige Gees wat Hy aan ons gegee het.

⁶Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe.

⁷'n Mens gee tog nie sommer jou lewe prys nie, selfs nie vir 'n regverdige nie. Ja tog, vir 'n goeie mens sal iemand miskien nog die moed hê om te sterwe.

⁸Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.

⁹Aangesien ons nou vrygespreek is op grond van sy versoeningsdood, staan dit soveel vaster dat ons deur Hom ook van die straf van God gered sal word.

¹⁰Aangesien ons, toe ons nog vyande was, deur die dood van sy Seun met God versoen is, staan dit soveel vaster dat ons, noudat ons versoen is, deur die lewe van sy Seun gered sal word.

¹¹Maar dit is nie al nie. Ons verheug ons ook in God deur ons Here Jesus Christus, deur wie ons nou die versoening ontvang het.

Adam en Christus

¹²Verder nog dít: Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.

¹³Die sonde was al in die wêreld nog voordat die wet van Moses gegee is, maar sonde word nie toegereken as daar nie 'n wet is nie.

¹⁴Nietemin het die dood heerskappy gevoer van Adam af tot by Moses, ook oormense wat nie gesondig het op dieselfde manier as dié waarop Adam oortree het nie. Daar is ooreenkoms tussen Adam en Hom wat sou kom,

¹⁵maar met die genadegawe is dit anders as met die oortreding. Deur die oortreding van een mens het baie gesterf, maar die genade van God en die gawe wat deur die genade van die een Mens, Jesus Christus, gekom het, is veel oorvloediger aan baie geskenk.

¹⁶En met die gawe van God is dit anders as met die sonde van die een mens. Op die oortreding van die een mens het die oordeel gevolg en dit het tot veroordeling gelei, maar op die baie oortredings het die genadegawe gevolg en dit het tot vryspraak gelei.

¹⁷Deur die oortreding van die een mens het die dood begin heerskappy voer deur hierdie een mens, maar deur die Een, Jesus Christus, is veel meer bereik: dié wat die oorvloed van genade en die vryspraak as gawe ontvang het, sal lewe en heerskappy voer.

¹⁸Soos een oortreding gelei het tot veroordeling vir alle mense, so het een daad van gehoorsaamheid dus ook gelei tot vryspraak en lewe vir almal.

¹⁹Soos baie deur die ongehoorsaamheid van een mens sondaars geword het, so ook sal baie deur die gehoorsaamheid van die een Mens vrygespreek word.

²⁰Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak; en hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword.

²¹Die doel was dat, soos die sonde deur die dood heerskappy gevoer het, die genade deur die vryspraak ook heerskappy kan voer en tot die ewige lewe kan lei deur Jesus Christus ons Here.

Romeine 6

Dood vir die sonde, maar lewend vir God

¹Wat moet ons nou hiervan sê? Moet ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem?

²Beslis nie. Hoe kan ons wat dood is vir die sonde, nog daarin voortlewe?

³Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie?

⁴Deur die doop is ons immers saam met Hom in sy dood begrawe, sodat, soos Christus deur die wonderbaarlike magsdaad van die Vader uit die dood opgewek is, ons ook so 'n nuwe lewe kan lei.

⁵Aangesien ons met Hom een geword het in sy dood, sal ons sekerlik ook met Hom een wees in sy opstanding.

⁶Ons weet tog dat die sondige mens wat ons was, saam met Christus gekruisig is, sodat ons sondige bestaan beëindig kon word. Ons is dus nie langer slawe van die sonde nie.

⁷Iemand wat gesterf het, is immers vry van die mag van die sonde.

⁸Ons het saam met Christus gesterwe; daarom glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe.

⁹Ons weet dat Christus wat uit die dood opgewek is, nie weer kan sterwe nie; die dood het nie meer mag oor Hom nie.

¹⁰Hy het gesterwe en is eens en vir altyd vir die sonde dood. Nou lewe Hy, en Hy lewe vir God.

¹¹Julle moet dus altyd onthou dat ook julle vir die sonde dood is, maar vir God lewe, omdat julle een is met Christus Jesus.

¹²Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie.

¹³Julle moet geen deel van julle liggame in diens van die sonde stel as 'n werktuig om goddeloosheid te bedrywe nie. Nee, stel julle in diens van God as mense wat dood was maar lewend gemaak is, en stel elke deel van julle liggame in diens van God as werktuig om te doen wat God wil.

¹⁴Die sonde moet nie meer baas wees oor julle nie, want julle staan nie onder die wet van Moses nie, maar onder die genade.

In diens van wat God wil

¹⁵Wat beteken dit? Kan ons nou maar sonde doen omdat ons nie onder die wet van Moses staan nie maar onder die genade? Beslis nie.

¹⁶Julle weet tog: as julle julle aan iemand onderwerp om hom as slawe te gehoorsaam, is julle die slawe van dié een aan wie julle gehoorsaam is. As dit die sonde is, beteken dit vir julle die dood; as dit gehoorsaamheid aan God is, beteken dit vryspraak en lewe.

¹⁷Maar ons dank God dat julle wat slawe van die sonde was, van harte gehoorsaam geword het aan die leer soos julle dit deur die oorlewering ontvang het.

¹⁸Ons dank God dat julle van die sonde vrygemaak is en slawe van God geword het wat sy wil doen.

¹⁹Weens julle beperkte begrip gebruik ek 'n beeld uit die alledaagse lewe: soos julle elke deel van julle liggame in diens van sedelike onreinheid en wetteloosheid gestel het en losbandig gelewe het, so moet julle nou elke deel van julle liggame in diens van God stel om heilig te lewe.

²⁰Toe julle slawe van die sonde was, was julle nie in diens van God nie.

²¹Wat was die vrug wat dié dinge waaroor julle nou skaam kry, tóé vir julle opgelewer het? Die uiteinde van dié dinge is die dood.

²²Maar nou — julle is vrygemaak van die sonde en in diens van God gestel en die vrug daarvan is dat julle geheilig word, en die uiteinde is die ewige lewe.

²³Die loon wat die sonde gee, is die dood; die genadegawe wat God gee, is die ewige lewe in Christus Jesus ons Here.

Romeine 7

Bevry van die wet en in diens van God, diensbaar aan Christus

¹Julle weet, broers — en ek praat met mense wat op hoogte is van die wet van Moses — dat die wet gesag het oor 'n mens so lank as hy lewe.

²Die getroude vrou, byvoorbeeld, is deur die wet aan haar man gebind so lank as hy lewe. As haar man te sterwe kom, is sy onthef van die wet wat haar aan haar man gebind het.

³Maar as sy 'n ander man se vrou word so lank as haar man lewe, sal sy as 'n egbreekster beskou word. As haar man gesterf het, is sy egter vry van die wet en is sy nie 'n egbreekster as sy 'n ander man se vrou word nie.

⁴Dit is ook die geval met julle, my broers. Deur julle verbondenheid met die liggaam van Christus het julle gesterwe en staan julle nie meer onder die wet nie. Julle behoort nou aan iemand anders, aan Hom wat uit die dood opgewek is. Daarom moet ons nou 'n vrugbare lewe lei in diens van God.

⁵Toe ons nog 'n sondige lewensbestaan gevoer het, was die sondige hartstogte wat deur die wet wakker gemaak is, in elke deel van ons liggame werksaam en het ons vrugte gedra in diens van die dood.

⁶Maar nou is ons vrygemaak van die wet, want ons het gesterf en staan nie meer onder die wet waardeur ons gebind was nie. Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees, nie in die ou bedeling van wetsvoorskrifte nie.

Die wet en die sonde

⁷Wat is dan ons gevolgtrekking? Dat die wet van Moses sonde is? Beslis nie. Inteendeel, ek sou nie geweet het wat sonde is nie, as dit nie deur die wet was nie. Ek sou byvoorbeeld nie geweet het dat dit sonde is om te begeer nie as die wet nie gesê het: “Jy mag nie begeer nie.”

⁸Maar deur hierdie gebod het die sonde 'n vastrapplek gekry en elke soort begeerte in my aan die gang gesit, want sonder die wet is die sonde dood.

⁹Voorheen, toe die wet nie daar was nie, het ek gelewe, maar toe die gebod gekom het, het die sonde begin lewe,

¹⁰en ek het gesterwe. Dit het geblyk dat die gebod wat bedoel was om vir my die lewe te bring, vir my die dood beteken.

¹¹Die sonde wat deur die gebod 'n vastrapplek gekry het, het my deur die gebod mislei en my doodgemaak.

¹²Die wet is dus heilig, en sy voorskrifte is heilig en reg en goed.

¹³Betekén dit dat iets wat goed is, vir my die dood gebring het? Beslis nie. Inteendeel, die sonde het vir my die dood gebring. Dit het die sonde gedoen deur iets wat goed is, sodat die sonde in sy ware aard as sonde bekend sou word en dit deur die gebod sou blyk hoe skrikwekkend die sonde werklik is.

¹⁴Ons weet tog die wet is geestelik, maar ek is aards en soos 'n slaaf aan die sonde verkoop.

¹⁵Ek begryp self nie wat ek doen nie, want wat ek wil doen, dit doen ek nie, maar wat ek haat, juis dit doen ek.

¹⁶Dat ek nie wil doen wat ek doen nie, beteken dat ek toegee dat die wet goed is.

¹⁷Maar nou is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.

¹⁸Ek weet immers dat die goeie nie in my woon nie, nie in my sondige aard nie. Daar is by my wel die wil om die goeie te doen, maar ek doen dit nie.

¹⁹Die goeie wat ek wil doen, doen ek nie, maar die slegte wat ek nie wil doen nie, dit doen ek.

²⁰En as ek nou doen wat ek nie wil doen nie, dan is dit nie meer ek wat dit doen nie, maar die sonde wat in my woon.

²¹So vind ek dan hierdie wet in my: ek wil die goeie doen, maar al wat ek doen, is die slegte.

²²Diep in my wese vind ek vreugde in die wet van God,

²³maar ek vind in my doen en late 'n ander wet, wat stryd voer teen die wet van my gees. Dit maak my 'n gevangene van die wet van die sonde wat in my doen en late aan die werk is.

²⁴Ek, ellendige mens! Wie sal my van hierdie doodsbestaan verlos?

²⁵Aan God die dank! Hy doen dit deur Jesus Christus ons Here. So is dit dus met my gesteld: met my gees dien ek die wet van God, maar in my doen en late die wet van die sonde.

Romeine 8

Lewe deur die Gees

¹Daar is dus nou geen veroordeling vir dié wat in Christus Jesus is nie.

²Die wet van die Gees wat aan jou in Christus Jesus die lewe gee, het jou vrygemaak van die wet van sonde en dood.

³Wat die wet nie by magte was om te doen nie, omdat dit weens ons sondige natuur te swak was, dit het God gedoen. Hy het met die sonde afgereken deur sy eie Seun in dieselfde gestalte as die sondige mens te stuur; so het Hy die sonde in die sondige bestaan van die mens veroordeel.

⁴Nou kan ons aan die eise van die wet voldoen, óns wat ons lewe nie deur ons sondige natuur laat beheers nie, maar deur die Gees.

⁵Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die sondige natuur, maar dié wat hulle deur die Gees laat beheers, hou hulle besig met die dinge van die Gees.

⁶Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, loop uit op die dood, maar die dinge waarmee die Gees Hom besig hou, bring lewe en vrede.

⁷Die dinge waarmee die sondige natuur van die mens hom besig hou, is immers vyandskap teen God. Die sondige natuur onderwerp hom nie aan die wet van God nie, dit kan trouens ook nie.

⁸Dié wat hulle deur hulle sondige natuur laat beheers, kan nie die wil van God doen nie.

⁹Julle word egter nie deur julle sondige natuur beheers nie, maar deur die Gees, want die Gees van God woon in julle. As iemand die Gees van Christus nie het nie, behoort hy nie aan Christus nie.

¹⁰Omdat Christus in julle is, gee die Gees aan julle die lewe op grond van God se vryspraak, hoewel die liggaam vir die dood bestem is as gevolg van die sonde.

¹¹Omdat die Gees van Hom deur wie Jesus uit die dood opgewek is, in julle woon, sal Hy deur wie Christus uit die dood opgewek is, ook julle sterflike liggame lewend maak deur sy Gees wat in julle woon.

¹²Daarom dan, broers, staan ons onder 'n verpligting, maar nie teenoor ons sondige natuur om daarvolgens te lewe nie.

¹³As julle julle lewe deur die sondige natuur laat beheers, gaan julle die dood tegemoet, maar as julle deur die Gees 'n einde maak aan julle sondige praktyke, sal julle lewe.

¹⁴Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God.

¹⁵Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: “Abba! ” Dit beteken Vader.

¹⁶Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is.

¹⁷En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename. Ons is erfgename van God, erfgename saam met Christus. Aangesien ons deel het aan sy lyding, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.

Die heerlikheid wat kom

¹⁸Ek is daarvan oortuig dat die lyding wat ons nou moet verduur, nie opweeg teen die heerlikheid wat God vir ons in die toekoms sal laat aanbreek nie.

¹⁹Die skepping sien met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is.

²⁰Die skepping is immers nog aan verydeling onderworpe, nie uit eie keuse nie, maar omdat God dit daaraan onderwerp het. Daarby het Hy die belofte van hoop gegee:

²¹die skepping sal self ook bevry word van sy verslawing aan die verganklikheid, om so tot die vryheid te kom van die heerlikheid waaraan die kinders van God deel sal hê.

²²Ons weet dat die hele skepping tot nou toe sug in die pyne van verwagting.

²³En nie net die skepping nie, maar ook ons wat die Gees ontvang het as die eerste gawe van God, ons sug ook. Ons sien daarna uit dat God sal bekend maak dat Hy ons as sy kinders aangeneem het: Hy sal ons van die verganklikheid bevry.

²⁴Ons is immers gered, en ons het nou hierdie hoop. Wat 'n mens al sien, hoop jy tog nie meer nie. Wie hoop nog op wat hy reeds sien?

²⁵Maar as ons hoop op wat ons nie sien nie, wag ons daarop met volharding.

²⁶Die Gees staan ons ook in ons swakheid by: ons weet nie wat en hoe ons behoort te bid nie, maar die Gees self pleit vir ons met versugtinge wat nie met woorde gesê word nie.

²⁷En God, wat die harte deurgrond, weet wat die bedoeling van die Gees is, want Hy pleit, volgens die wil van God, vir die gelowiges.

²⁸Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir dié wat Hom liefhet, dié wat volgens sy besluit geroep is.

²⁹Dié wat Hy lank tevore verkies het, het Hy ook bestem om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat sy Seun baie broers kan hê van wie Hy die Eerste is.

³⁰Dié wat Hy daartoe bestem het, het Hy ook geroep. En dié wat Hy geroep het, het Hy ook vrygespreek. En dié wat Hy vrygespreek het, het Hy ook verheerlik.

Niks kan ons van die liefde van Christus skei nie

³¹Wat is nou ons gevolgtrekking oor al hierdie dinge? Dít: God is vír ons, wie kan dan teen ons wees?

³²Hy het sy eie Seun nie gespaar nie, maar Hom oorgelewer om ons almal te red. Sal Hy ons dan nie al die ander dinge saam met Hom uit genade skenk nie?

³³Wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.

³⁴Wie kan ons veroordeel? Christus Jesus het gesterf, maar meer as dit: Hy is uit die dood opgewek, Hy sit aan die regterhand van God, Hy pleit vir ons.

³⁵Wie kan ons van die liefde van Christus skei? Lyding of benoudheid of vervolging, honger of naaktheid, gevaar of swaard?

³⁶Daar staan immers geskrywe: “Dit is oor U dat die dood ons dag vir dag bedreig, dat ons soos slagskape behandel word.”

³⁷Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet.

³⁸Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte

³⁹of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

Romeine 9

God se verkiesing van Israel

¹In my verbondenheid met Christus praat ek die waarheid, ek lieg nie; en my gewete, wat deur die Heilige Gees gelei word, getuig saam met my

²dat daar by my groot droefheid en voortdurende hartseer is

³oor my broers, my eie volksgenote. Ek sou self vervloek wou wees, afgesny van Christus, as dit tot hulle voordeel kon wees.

⁴Hulle is tog Israeliete; vir hulle het God as sy kinders aangeneem en in sy heerlikheid was Hy by hulle; met hulle het Hy die verbonde gesluit en aan hulle die wet van Moses gegee, asook die tempeldiens en die beloftes;

⁵hulle stam van die aartsvaders af, en uit hulle is die Christus as mens gebore — Hy wat God is, verhewe bo alles en lofwaardig vir ewig! Amen.

⁶Dit wil nie sê dat die woord van God nie meer geld nie. Immers, nie almal wat van Israel afstam, is werklik Israel nie;

⁷en nie almal wat nakomelinge van Abraham is, is werklik kinders van Abraham nie. Inteendeel, die belofte was: “Uit Isak sal daar vir jou 'n nageslag kom.”

⁸Dit wil sê: Dit is nie die kinders wat in die gewone gang van die lewe gebore is, wat kinders van God is nie; dit is die kinders wat kragtens die belofte van God gebore is, wat as Abraham se nageslag gereken word.

⁹Die woorde: “Op dié tyd sal Ek weer kom, en dan sal Sara 'n seun hê,” was immers 'n belofte.

¹⁰En dis nie al nie. Rebekka was net een keer swanger, deur ons voorvader Isak.

¹¹⁻¹³Toe haar kinders nog nie gebore was nie en ook nog niks goeds of kwaads gedoen het nie, toe is al vir haar gesê: “Die oudste sal die jongste dien.” Daar staan ook geskrywe: “Vir Jakob het Ek liefgehad, maar vir Esau het Ek gehaat.” Die besluit van God is gegrond op uitverkiesing; dit hang dus nie af van wat 'n mens doen nie, maar van Hom wat jou roep.

¹⁴Wat moet ons hieruit aflei? Dat God onregverdig is? Beslis nie!

¹⁵Vir Moses het Hy gesê: “Ek sal barmhartig wees oor wie Ek barmhartig wil wees, en Ek sal My ontferm oor wie Ek My wil ontferm.”

¹⁶Dit hang dus nie af van 'n mens se wil of strewe nie, maar van God wat barmhartig is.

¹⁷In die Skrif sê God immers vir die farao: “Juis hiervoor het Ek jou teen My in opstand laat kom: dat Ek in jou my krag kan toon en dat my Naam oor die hele aarde verkondig kan word.”

¹⁸Dit is dus inderdaad so dat God Hom ontferm oor wie Hy wil, en dat Hy verhard wie Hy wil.

Die oordeel en genade van God

¹⁹Nou sal jy vir my sê: “Maar waarom verwyt Hy ons dan nog? Wie kan tog teen sy wil ingaan?”

²⁰Mens, wie is jy per slot van rekening dat jy met God wil redeneer? Hoe kan die maaksel vir sy maker sê: “Waarom het jy my so gemaak? ”

²¹Het die pottemaker nie die reg om uit dieselfde klomp klei iets besonders én iets alledaags te maak nie?

²²En as God dieselfde wou doen? Hy wou sy toorn laat sien en sy mag bekend maak. Daarom het Hy die voorwerpe van sy toorn, die mense wat reg was om verdelg te word, met groot geduld verdra.

²³So sou Hy ook die rykdom van sy heerlijkheid bekend maak oor die voorwerpe van sy ontferming, die mense wat Hy vantevore voorberei het om aan sy heerlijkheid deel te hê.

²⁴En onder hulle is ook ons, wat Hy nie net uit die Jode nie, maar ook uit die ander nasies geroep het.

²⁵So sê Hy dan ook in die boek Hosea: “Hulle wat nie my volk is nie, sal Ek roep om my volk te wees, en haar wat geen liefde ontvang het nie, om my geliefde te wees.”

²⁶“En in plaas daarvan dat vir hulle gesê is: ‘Julle is nie my volk nie,’ sal hulle geroep word om kinders van die lewende God te wees.”

²⁷En Jesaja roep van Israel dít uit: “Al was die Israeliete so baie soos die sand van die see, net die handjievul wat oorbly, sal gered word,

²⁸want die Here gaan eens en vir altyd hier op aarde die saak afhandel.”

²⁹So het Jesaja trouens al vroeër gesê: “As die Here, die Almagtige, nie vir ons 'n klompie laat oorbly het nie — soos met Sodom sou dit met ons gegaan het, soos Gomorra sou ons uitgewis gewees het.”

Israel en die evangelie

³⁰Wat is nou ons gevolgtrekking? Dít: heidene het nie God se vryspraak gesoek nie, maar dit wel gekry — die vryspraak deur die geloof.

³¹Israel, daarenteen, het 'n wet gesoek waardeur hulle God se vryspraak sou kon kry, maar by so 'n wet het hulle nie uitgekom nie.

³²Waarom kon hulle nie die vryspraak kry nie? Omdat hulle nie op die geloof wou bou nie, maar op hulle eie prestasies. Hulle het oor die struikelblok gestruik

³³waarvan daar geskrywe staan: “Kyk, Ek sit in Sion 'n klip neer waaroor 'n mens struikel, 'n rots waarteen jy jou stamp, maar wie in Hom glo, sal nie teleurgestel word nie.”

Romeine 10

¹Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word,

²want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.

³Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.

⁴Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.

Die verlossing is vir elkeen wat glo

⁵Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen wat die wet beveel, daardeur sal lewe.

⁶Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: “Moenie by jouself sê: ‘Wie sal na die hemel toe opklim? ’ nie,” dit is, om Christus af te bring,

⁷“of: ‘Wie sal na die onderaardse diepte toe afdaal? ’ nie,” dit is, om Christus uit die dood terug te bring.

⁸Nee, die Skrif sê: “Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.” En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig:

⁹As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.

¹⁰Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

¹¹Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.”

¹²“Niemand nie! ” Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik,

¹³want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

¹⁴Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?

¹⁵En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

¹⁶Die Israeliete het egter nie almal aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja sê immers: “Here, wie het die prediking geglo wat ons gehoor het? ”

¹⁷Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.

¹⁸Maar 'n mens sou kon vra: Het die Israeliete dan nie die prediking gehoor nie? Alte seker het hulle gehoor! Die Skrif sê: “Hulle prediking het oor die hele wêreld weerklink, hulle woorde tot by die uithoeke van die aarde.”

¹⁹Of 'n ander vraag: Het Israel dit dan nie verstaan nie? In die eerste plek wys ek op wat God deur Moses sê: “Ek gaan julle jaloers maak op mense wat nie 'n volk is nie, en julle kwaad maak oor 'n volk wat nie julle kennis het nie.”

²⁰En Jesaja gaan selfs verder. Daar sê God: “Ek het My laat vind deur mense wat My nie gesoek het nie, Ek het verskyn aan mense wat nie na My gevra het nie.”

²¹Maar van Israel sê Hy: “Dag vir dag het Ek my hande uitgesteek na 'n ongehoorsame en weerspannige volk.”

Romeine 11

Die oorblyfsel van Israel

¹“Het God dan nie tog sy volk verstoot nie? ” sou iemand kon vra. Beslis nie! Ek is immers self ook 'n Israeliet, 'n afstammeling van Abraham, uit die stam Benjamin.

²God het sy volk, wat Hy lank tevore verkies het, nie verstoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif sê van Elia nie, hoe hy by God oor Israel gekla het:

³“Here, hulle het u profete doodgemaak en u altare afgebreek, en net ek het oorgebly, en hulle wil my ook om die lewe bring.”

⁴Maar wat het God hom geantwoord? “Ek het vir My sewe duisend manne laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie.”

⁵Net so is dit ook vandag: daar is 'n oorblyfsel wat uit genade deur God uitverkies is.

⁶En as dit uit genade is, dan is dit nie uit verdienste nie, anders sou die genade nie meer genade wees nie.

⁷Waarop kom dit dan neer? Hierop: wat Israel soek, het hy nie gekry nie; die uitverkorenes het dit gekry. Die ander is verhard,

⁸soos daar geskrywe staan: “God het aan hulle 'n gees gegee wat hulle bedwelm het: oë wat nie sien nie en ore wat nie hoor nie, tot vandag toe nog.”

⁹En Dawid sê: “Mag hulle maaltye vir hulle 'n vangstrik en 'n val word en 'n struikelblok en 'n straf.

¹⁰Mag hulle oë verduister word dat hulle nie sien nie; en buig hulle rug vir altyd krom.”

Die verlossing van die heidennasies

¹¹'n Ander vraag is: Het Israel se struikeling hulle finale val beteken? Beslis nie! Maar deur hulle val het die redding na die heidennasies toe gekom om die Jode jaloers te maak.

¹²As hulle val 'n verryking vir die wêreld beteken het en hulle klein oorblyfseltjie 'n verryking vir die heidennasies, hoeveel te meer sal dit dan nie tot seën wees as die Jode se volle getal gelowig sou word nie!

¹³En nou praat ek met julle, gelowiges uit die heidennasies. As apostel vir die heidennasies is ek trots op my werk en strewe ek daarna

¹⁴om op een of ander manier my eie mense jaloers te maak en sommige van hulle te red.

¹⁵As hulle verwerping vir die wêreld versoening beteken het, wat sal hulle aanneming dan nie beteken nie? Niks minder nie as lewe uit die dood!

¹⁶As die eerste stuk deeg aan God gewy is, dan is ook die res van die deeg aan Hom gewy. En as die wortel van die boom aan God gewy is, dan is ook die takke aan Hom gewy.

¹⁷Party van die takke is uitgekap en jy, 'n wilde olyf, is tussen die ander takke op die mak olyf geënt. So het jy deel gekry aan die lewensap van die mak olyf se wortel.

¹⁸Moet jou dan nie bo die ander takke verhef nie! Moet jou ook nie verbeel jy is iets nie: dit is nie jy wat die wortel dra nie, die wortel dra jou.

¹⁹Jy sal wel sê: “Takke is uitgekap sodat ék daar geënt kon word.”

²⁰Dis waar. Hulle is uitgekap omdat hulle nie geglo het nie; jy is daar geënt omdat jy glo. Moenie daaroor hoogmoedig wees nie; hou rekening met God;

²¹want as Hy die natuurlike takke nie ontsien het nie, sal Hy jou dalk ook nie ontsien nie.

²²Let dan op die goedheid en strengheid van God: sy strengheid oor die afvalliges, en sy goedheid oor jou. Maar dan moet jy uit sy goedheid lewe, anders kan jy ook uitgekap word.

²³En wat hulle betref, as hulle nie in hulle ongeloof volhard nie, sal hulle ook geënt word, want God is in staat om hulle terug te ent.

²⁴As God jou uit die wilde olyf, waar jy van nature hoort, kon uitkap en teen jou natuur in op die mak olyf kon ent, hoeveel te meer sal Hy die mak takke op hulle ou boom ent.

Die toekoms van Israel

²⁵Ons staan hier voor 'n geheimenis, broers, en ek wil hê julle moet weet wat dit is, sodat julle nie te selfversekerd sal wees nie. Die verharding het oor 'n deel van Israel gekom en duur totdat die volle getal uit die heidennasies in die koninkryk ingegaan het;

²⁶en op hierdie manier sal die hele Israel gered word. So staan daar geskrywe: “Uit Sion sal die Redder kom, en Hy sal die goddeloosheid van sy volk Jakob verwyder.

²⁷En hierdie verbond sal Ek met hulle sluit wanneer Ek hulle sondes wegneem.”

²⁸Wat die evangelie betref, is hulle wel vyande van God, en dit kom julle ten goede, maar kragtens die uitverkiesing is hulle geliefdes om die aartsvaders se ontwil.

²⁹As God eenmaal aan mense sy genadegawes geskenk en hulle geroep het, trek Hy dit nooit weer terug nie.

³⁰Vroeër was julle heidene, ongehoorsaam aan God, maar nou dat die Jode ongehoorsaam geword het, het God Hom oor julle ontferm.

³¹Net so gaan dit ook met die Jode: omdat God Hom oor julle ontferm het, het hulle nou ongehoorsaam geword. Maar dit gebeur sodat hulle self ook nou ontferming kan vind.

³²God het almal aan die ongehoorsaamheid oorgegee, sodat Hy Hom oor almal kan ontferm.

Aan God die eer

³³O diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele, hoe onnaspeurlik sy weë!

³⁴“Wie ken die bedoeling van die Here? Wie gee Hom raad?

³⁵Wie bewys Hom 'n guns, sodat Hy verplig is om iets terug te doen? ”

³⁶Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in ewigheid! Amen.

Romeine 12

Die nuwe lewe in Christus

¹En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.

²Julle moenie aan hierdie sondige wêreld gelyk word nie, maar laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dan sal julle ook kan onderskei wat die wil van God is, wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

³Kragtens die genade wat aan my gegee is, sê ek vir elkeen van julle: Moenie van jouself meer dink as wat jy behoort te dink nie. Nee, lê jou liewer daarop toe om beskeie te wees in ooreenstemming met die maat van geloof wat God aan elkeen toebedeel het.

⁴Ons het baie lede in een liggaam, en die lede het nie almal dieselfde funksie nie.

⁵Net so is ons, al is ons baie, in Christus een liggaam, en almal afsonderlik lede van mekaar.

⁶Ons het genadegawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. As dit die gawe van profesie is, laat ons dit gebruik in ooreenstemming met die geloof wat ons bely.

⁷As dit is om te dien, laat ons dien. As dit is om onderrig te gee, laat ons onderrig gee.

⁸As dit is om mense te bemoedig, laat ons hulle bemoedig. As ons gee, laat dit sonder bybedoelings wees. As ons leiding gee, dan met toewyding. As ons ander help, dan met blymoedigheid.

Riglyne vir die Christelike lewe

- ⁹Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan wat goed is.
- ¹⁰Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
- ¹¹Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig, dien die Here.
- ¹²Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking; volhard in gebed.
- ¹³Help die medegelowiges in hulle nood en lê julle toe op gasvryheid.
- ¹⁴Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie.
- ¹⁵Wees bly saam met dié wat bly is en treur saam met dié wat treur.
- ¹⁶Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie.
- ¹⁷Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense.
- ¹⁸As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.
- ¹⁹Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: “Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld,” sê die Here.
- ²⁰“As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte.”
- ²¹Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie.

Romeine 13

Verpligtinge teenoor die owerhede

- ¹Elke mens moet hom onderwerp aan die owerhede wat oor hom gestel is. Daar is immers geen gesag wat nie van God kom nie, en die owerhede wat daar is, is daar deur die beskikking van God.
- ²Wie hom teen gesag verset, kom dus in opstand teen die ordening van God; en wie in opstand kom, sal sy verdiende straf kry.

³'n Mens hoef nie vir die owerhede bang te wees as jy goed doen nie, maar wel as jy kwaad doen. Wil jy sonder vrees vir die owerheid lewe? Doen dan wat goed is, en die owerheid sal jou prys,

⁴want die owerheid is 'n dienaar van God tot jou beswil. Maar as jy kwaad doen, het jy rede om bang te wees, want die owerheid het nie verniet die reg om te straf nie. Hy is immers ook hierin die dienaar van God dat hy die kwaaddoener moet straf.

⁵Daarom moet jy jou onderwerp, nie net omdat jy vir straf bang is nie, maar ook omdat dit 'n gewetensaak is.

⁶Dit is ook waarom julle belasting betaal, want die owerhede is dienaars van God en hulle is besig om hulle opdrag uit te voer.

⁷Gee dus aan almal wat hulle toekom: belasting as dit belasting is, aksyns as dit aksyns is, ontsag as dit ontsag is, eer as dit eer is.

Liefde is die volle uitvoering van die wet

⁸Julle moet niemand iets verskuldig wees nie, behalwe om mekaar lief te hê. Wie sy medemens liefhet, voer die hele wet van God uit.

⁹Al die gebooie: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie, jy mag nie moord pleeg nie, jy mag nie steel nie, jy mag nie begeer nie,” of watter ander gebod daar ook al is, word immers in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

¹⁰Die liefde doen die naaste geen kwaad aan nie. Daarom is die liefde die volle uitvoering van die wet.

¹¹En dit alles is nodig omdat julle weet hoe laat dit al is. Die uur is reeds daar dat julle uit die slaap moet wakker word, want die tyd van ons finale verlossing is nou nader as toe ons tot die geloof gekom het.

¹²Die nag is byna verby; dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem.

¹³Ons moet welvoeglik lewe soos dit in die daglig hoort. Daar moet geen drinkery en uitspattigheid, geen ontug en onsedelikheid, geen rusie en jaloesie wees nie.

¹⁴Nee, julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voortdurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie.

Romeine 14

Moenie jou broer veroordeel nie

(Vgl. 1 Kor. 8:11-13; 10:23-33)

¹Aanvaar die een wat in die geloof swak is, sonder om met hom te stry as sy opvatting van joune verskil.

²Een glo 'n mens mag alles eet; 'n ander is swak in die geloof, en hy eet net groente.

³Die een wat alles eet, moet die ander wat net groente eet, nie verag nie; en die een wat net groente eet, moet die ander wat alles eet, nie veroordeel nie, want God het hom aangeneem.

⁴Wie is jy om oor iemand anders se bediende te oordeel? Sy eie werkgewer sal oordeel of hy goed doen of nie. Maar hy sal goed doen; daarvoor sal die Here sorg.

⁵Vir die een is een dag belangriker as ander dae; vir 'n ander is alle dae ewe belangrik. Elkeen moet net in sy eie gemoed oortuig wees van sy opvatting.

⁶Die een wat 'n bepaalde dag op 'n besondere wyse hou, doen dit tot eer van die Here. Die een wat alles eet, doen dit tot eer van die Here, want hy dank God. En die een wat nie alles eet nie, doen dit tot eer van die Here, en ook hy dank God.

⁷Niemand van ons leef tog vir homself nie, en niemand sterf vir homself nie.

⁸As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.

⁹Hiervoor het Christus ook gesterf en weer lewend geword: om Here te wees van die dooies en die lewendes.

¹⁰Jy, waarom veroordeel jy dan jou broer? En jy, waarom verag jy jou broer? Ons sal tog almal voor die regterstoel van God moet verskyn,

¹¹want daar staan geskrywe: “So seker as Ek lewe, sê die Here, voor My sal elke knie buig, en elke tong sal bely dat Ek God is.”

¹²Elkeen van ons sal dus oor homself aan God rekenskap moet gee.

Moenie jou broer laat struikel nie

¹³Laat ons mekaar dan nie meer veroordeel nie. Neem julle liever voor om niks te doen wat jou broer kan aanstoot gee of tot 'n val kan bring nie.

¹⁴Omdat ek die Here Jesus ken, weet ek en is ek daarvan oortuig dat niks vanself onrein is nie. Maar as iemand iets as onrein beskou — vir hom is dit dan onrein.

¹⁵As jy met wat jy eet, jou broer aanstoot gee, leef jy nie meer volgens die liefde nie. Moenie deur wat jy eet, iemand vir wie Christus gesterf het, laat verlore gaan nie.

¹⁶Moenie dat die goeie wat julle het, 'n slegte naam kry nie.

¹⁷Die koninkryk van God is nie 'n saak van eet en drink nie, maar van gehoorsaamheid aan God, vrede en vreugde, wat die Heilige Gees ons gee.

¹⁸Wie op hierdie manier vir Christus dien, geniet die guns van God en die agting van die mense.

¹⁹Laat ons ons dan beywer vir die dinge wat die onderlinge vrede en opbou bevorder.

²⁰Moenie oor kos afbreuk doen aan die werk van God nie. Alle kos is rein, maar dit is verkeerd om deur wat jy eet, aanstoot te gee.

²¹Dit is goed as 'n mens nie vleis eet of wyn drink of enigiets doen wat jou broer laat struikel nie.

²²Laat jou oortuiging hieroor 'n saak tussen jou en God wees. Gelukkig is die man wat hom nie hoef te verwyt oor wat hy hom veroorloof nie.

²³As iemand egter twyfel en tog eet, is hy klaar veroordeel omdat hy dit nie uit geloofsoortuiging doen nie. En enigiets wat 'n mens nie uit geloofsoortuiging doen nie, is sonde.

Romeine 15

Die voorbeeld van Christus

¹Op ons wat sterk is in die geloof, rus die verpligting om die swakhede te verdra van dié wat nie sterk is nie. Ons moenie aan onself dink nie:

²elkeen van ons moet aan ons naaste dink en aan wat vir hom goed is en wat hom in die geloof kan opbou.

³Christus het immers ook nie aan Homself gedink nie, intendeel. Dit was met Hom soos daar geskrywe staan: “Die beledigings waarmee mense U beledig, het op My neergekom.”

⁴Alles wat vooraf in die Skrif opgeteken is, is tog opgeteken om ons te leer sodat ons deur die standvastigheid en bemoediging wat die Skrif ons gee, vol hoop kan wees.

⁵En mag God, die bron van alle standvastigheid en bemoediging, gee dat julle eensgesind onder mekaar sal wees soos Christus Jesus dit wil hê.

⁶Dan kan julle almal eensgesind uit een mond lof toebting aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus.

Die evangelie is vir alle mense

⁷Aanvaar mekaar dan, soos Christus julle ook aanvaar het, tot eer van God.

⁸Ek bedoel dít: Christus het gekom om in belang van die Jode 'n dienaar te word; Hy moes vir hulle die waarheid van God bevestig deur die beloftes wat die voorvaders ontvang het, waar te maak.

⁹Hy het ook gekom sodat die ander nasies God oor sy ontferming sou verheerlik, soos daar geskrywe staan: “Daarom sal ek U loof voor die nasies, en tot eer van u Naam sal ek 'n lofpsalm sing.”

¹⁰En elders lui dit: “Verbly julle, ander nasies, saam met sy volk.”

¹¹En: “Prys die Here, alle nasies! Loof Hom, alle volke!”

¹²En Jesaja sê ook: “Isai sal 'n nakomeling hê, en Hy sal opstaan om die nasies te regeer; op Hom sal die nasies hulle hoop vestig.”

¹³Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!

Paulus se sendingopdrag

¹⁴My broers, ek is self maar alte bewus dat julle vol goeie hoedanighede is en omvattende kennis besit, en dat julle mekaar self op die regte weg kan help.

¹⁵Tog is ek in my brief plek-plek nogal uitgesproke. Dit was maar om julle aan die een en ander te herinner. God het my immers in sy genade die voorreg gegee

¹⁶om in diens van Christus Jesus onder die heidennasies te werk. Dit is my priesterlike taak om die evangelie van God aan hulle te bedien, sodat daar uit die heidennasies 'n offergawe mag wees wat vir God aanneemlik is en deur die Heilige Gees geheilig is.

¹⁷In Christus Jesus is ek trots op wat ek in diens van God verrig.

¹⁸Ek sal dit nie waag om oor iets anders te praat as oor wat Christus deur my tot stand gebring het om heidennasies aan God gehoorsaam te maak nie. Dit het Hy deur my gedoen met woord en daad,

¹⁹deur kragtige tekens en wonders, in die krag van die Gees van God. En so kon ek van Jerusalem af al verder tot in Illirikum my taak om die evangelie van Christus te verkondig, ten volle uitvoer.

²⁰Ek het my eer daarin gestel om die evangelie te verkondig waar die mense nog nie van Christus gehoor het nie, want ek wil nie op die fondament van iemand anders bou nie,

²¹maar soos daar geskrywe staan: “Dié wat nie van Hom vertel is nie, sal sien, en dié wat nie van Hom gehoor het nie, sal verstaan.”

Paulus se plan om Rome te besoek

²²Dit is dan ook die rede waarom ek baiekeer verhinder is om na julle toe te kom.

²³Maar nou is daar vir my in hierdie streke nie meer 'n nuwe arbeidsveld nie, en ek koester al baie jare die begeerte om julle te besoek

²⁴as ek na Spanje toe gaan. Ek hoop om julle dan op my deurreis te sien; trouens, ek sou graag ook eers 'n tydjie by julle wou deurbring en dan met julle hulp verder na Spanje toe reis.

²⁵Maar nou is ek eers op pad Jerusalem toe met geldelike hulp vir die gelowiges daar.

²⁶Die gemeentes in Masedonië en Agaje het dit naamlik goedgevind om iets by te dra vir die armes onder die gelowiges in Jerusalem.

²⁷Hulle het self so besluit, en hulle is dit buitendien ook verskuldig, want as die gelowiges uit die Jode hulle geestelike rykdom met die heidennasies gedeel het, is die gelowiges uit die heidene dit aan die gelowiges uit die Jode verskuldig om hulle met stoflike hulp by te staan.

²⁸As ek daarmee klaar is en die volle bedrag wat ingesamel is, veilig aan hulle besorg het, sal ek by julle langs na Spanje toe reis.

²⁹Ek weet dat as ek na julle toe kom, dit met die volle seën van Christus sal wees.

³⁰Ek versoek julle dan dringend, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus en op grond van die liefde wat van die Heilige Gees kom: Stry saam met my deur vir my te bid

³¹dat God my veilig mag hou tussen al die ongelowiges in Judea en dat my hulp aan Jerusalem aanvaarbaar mag wees vir die gelowiges daar.

³²En as dit die wil van God is, sal ek vol blydschap na julle toe kom om 'n tydjie by julle te rus.

³³God wat vrede gee, sal by julle almal wees! Amen.

Romeine 16

Persoonlike groete

¹Ek beveel ons suster Febe wat dienaar is in die gemeente in Kenchreë, by julle aan.

²Ontvang haar soos dit mense wat in die Here glo, betaam, en staan haar by in enige saak waarin sy julle hulp nodig kry, want sy was vir baie, en ook vir my, tot steun.

³Groete vir Priscilla en Akwila, my medewerkers in Christus Jesus

⁴wat hulle lewe vir my gewaag het. Dit is nie net ek wat hulle dankbaar bly nie, maar ook al die gemeentes onder die heidennasies.

⁵Groete ook aan die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom. My groete verder ook aan my liewe vriend Epenetus, die eerste bekeerling vir Christus in die provinsie Asië,

⁶en aan Maria, wat baie moeite vir julle gedoen het.

⁷Gee my groete ook aan Andronikus en Junias, my volksgenote wat saam met my in die gevangenis was; hulle is hoog aangeskrewe by die apostels en het voor my al Christene geword.

⁸En dan stuur ek ook groete vir Ampliatus, my liewe vriend in die Here,

⁹vir Urbanus, my medewerker in Christus, en vir my liewe vriend Stagis;

¹⁰ook vir Apelles — hy het gewys wat in hom steek as gelowige — en die huis van Aristobulus;

¹¹vir Herodion, my volksgenoot, en vir dié uit die huis van Narsissus wat tot die geloof gekom het.

¹²Groete verder ook aan Trifena en Trifosa, ywerige werksters vir die Here, en aan my liewe Persis, wat al baie vir die Here gedoen het.

¹³Dra ook my groete oor aan Rufus, die voortreflike werker in diens van die Here, en aan sy moeder, wat ook vir my altyd 'n ma was.

¹⁴En dan ook nog groete aan Asinkritus, Flegon, Hermes, Patrobas, Hermas en al die broers daar by hulle;

¹⁵ook aan Filologus en Julias, Nereus en sy suster en Olimpas en al die ander gelowiges daar by hulle.

¹⁶Groet mekaar met 'n soen van Christelike broederskap. Al die gemeentes van Christus stuur vir julle groete.

Laaste opdragte

¹⁷Ek druk julle dit op die hart, broers: Pas op vir dié wat verdeeldheid veroorsaak en die mense afvallig maak van die leer wat julle ontvang het. Bly weg van hulle af.

¹⁸Sulke mense dien nie Christus ons Here nie, maar hulle eie drifte en drange, en met al hulle mooipraatjies en vleitaal mislei hulle die liggelowige mense.

¹⁹Almal het gehoor van julle gehoorsaamheid aan die evangelie. Ek is baie bly oor julle, en ek sou graag wou sien dat julle alles weet van die goeie en niks wil weet van die slegte nie.

²⁰God wat vrede gee, sal die Satan spoedig onder julle voete verpletter. Die genade van ons Here Jesus is by julle!

²¹My medewerker Timoteus stuur vir julle groete, en so ook Lucius, Jason en Sosipater, my volksgenote.

²²Ek, Tertius, wat die brief neergeskryf het, stuur as 'n medegelowige ook my groete.

²³Gaius, my gasheer en ook gasheer van die hele gemeente hier, stuur ook groete. En dan ook nog groete van Erastus die stadstesourier, en van broer Kwartus.

Lofprysing

²⁵God is magtig om julle te laat vasstaan ooreenkomstig die evangelie van Jesus Christus wat ek verkondig, en ooreenkomstig die openbaring van die geheimenis. Eeue lank het dit geheim gebly,

²⁶maar nou is dit geopenbaar. Aan die hand van die geskrifte van die profete en in opdrag van die ewige God is dit aan alle nasies bekend gemaak sodat hulle in God kan glo en aan Hom gehoorsaam kan wees.

²⁷Aan Hom, die enigste en alwyse God, behoort die heerlikheid deur Jesus Christus tot in ewigheid! Amen.

1 Korintiërs

1 Korintiërs 1

¹Van Paulus, wat deur die wil van God geroep is om 'n apostel van Christus Jesus te wees, en van die broer Sostenes.

²Aan die gemeente van God in Korinte, wat Hy vir Hom in Christus Jesus afgesonder en geroep het om aan Hom te behoort, en verder aan almal, waar hulle ook al mag wees, wat die Naam aanroep van Jesus Christus, hulle Here en ons Here.

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Danksegging

⁴Ek dank my God altyd oor julle vir die genade wat Hy in Christus Jesus aan julle geskenk het,

⁵want in Hom het God julle in alles ryklik geseën, veral in die gawes van woord en kennis.

⁶Die boodskap van Christus is onder julle so goed gevestig

⁷dat dit julle nie aan 'n enkele genadegawe ontbreek nie. Julle bly ook vol verwagting uitsien na die verskyning van ons Here Jesus Christus.

⁸Dit is Hy wat julle ook end-uit sal laat vas staan, sodat daar geen aanklag teen julle sal wees op die dag dat ons Here Jesus Christus kom nie.

⁹God is getrou, Hy wat julle geroep het om verenig te lewe met sy Seun, Christus Jesus, ons Here.

Verdeeldheid in die gemeente

¹⁰Ek doen 'n beroep op julle almal, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus, om eensgesind te wees. Daar moet geen verdeeldheid onder julle wees nie. Julle moet een wees in dieselfde gesindheid en met dieselfde oortuiging.

¹¹Ek sê dit, my broers, omdat van Chloë se mense my vertel het dat daar onenigheid onder julle is.

¹²Daarmee bedoel ek dat een sê: “Ek is vir Paulus;” een: “Ek is vir Apollos;” een: “Ek is vir Sefas;” en een: “Ek is vir Christus.”

¹³Is Christus dan in stukke verdeel? Is Paulus miskien vir julle gekruisig, of is julle in die naam van Paulus gedoop?

¹⁴Ek dank God dat ek niemand van julle gedoop het nie, behalwe Krispus en Gaius.

¹⁵Niemand kan dus sê dat julle in my naam gedoop is nie.

¹⁶Nee, ek het ook nog die huisgesin van Stefanus gedoop, maar verder weet ek nie of ek nog iemand gedoop het nie.

¹⁷Christus het my immers nie gestuur om te doop nie, maar om die evangelie te verkondig, en dit nie met woorde van menslike wysheid nie, want dan sou die kruis van Christus sy krag verloor.

Christus die krag en die wysheid van God

¹⁸Die boodskap van die kruis van Christus is wel onsin vir dié wat verlore gaan, maar vir ons wat gered word, is dit die krag van God.

¹⁹Daar staan tog geskrywe: “Die wysheid van die wyses sal Ek vernietig, en die geleerdheid van die geleerdes sal Ek tot niet maak.”

²⁰Waar is die wysgeer van hierdie wêreld nou? Waar die skrifgeleerde? Waar die slim woordvoerder? Het God nie die wysheid van die wêreld tot onsin gemaak nie?

²¹Dit was die bedoeling van God in sy wysheid dat die wêreld nie deur geleerdheid tot kennis van God sou kom nie. Daarom het God in sy goedheid besluit om deur die prediking wat vir die wêreld onsin is, dié te red wat glo.

²²Die Jode vra wondertekens en die Grieke soek wysheid,

²³maar ons verkondig Christus wat gekruisig is. Vir die Jode is dit 'n aanstoot en vir die ander is dit onsin,

²⁴maar vir dié wat deur God geroep is, Jode sowel as Grieke, is Christus die krag van God en die wysheid van God.

²⁵Wat vir die wêreld die onsin van God is, is groter wysheid as die wysheid van mense, en wat vir die wêreld die swakheid van God is, is groter krag as die krag van mense.

²⁶Dink maar net, broers, aan wat julle was toe julle geroep is. Volgens die opvatting van mense was daar nie baie geleerdes of baie invloedrykes of baie mense van aansien onder julle nie.

²⁷En tog, wat vir die wêreld onsin is, het God uitgekies om die geleerdes te beskaam; wat vir die wêreld swak is, het God uitgekies om die sterkes te beskaam,

²⁸en wat vir die wêreld sonder aansien of betekenis is, ja, wat niks is nie, het God uitgekies om wat iets is, tot niet te maak.

²⁹Voor God het geen mens dus iets om op te roem nie.

³⁰Aan God is dit te danke dat julle met Christus Jesus verenig is. Hy het vir ons geword die wysheid wat van God kom: die vryspraak, die heiliging en die verlossing.

³¹Daarom, soos daar geskrywe staan: “Dié wat wil roem, moet in die Here roem.”

1 Korintiërs 2

Paulus se prediking

¹Wat my betref, broers, toe ek na julle toe gekom het om die geheimnisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie.

²Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as oor Jesus as die Christus, en wel oor Hom as die gekruisigde.

³Bewus van my swakheid, en met groot angs en huiwering, het ek na julle toe gekom.

⁴Die boodskap wat ek verkondig, het julle oortuig, nie deur geleerdheid en welsprekendheid nie, maar deur die kragtige werking van die Gees.

⁵Dus is julle geloof nie op die wysheid van mense gegrond nie, maar op die krag van God.

Die openbaring deur die Gees van God

⁶Tog is wat ons verkondig wysheid, maar net vir dié wat daarvoor ryp is, en dan 'n wysheid wat nie van hierdie wêreld is of van die heersers van hierdie wêreld nie. Hulle is buitendien aan die ondergaan.

⁷Wat ons verkondig, is die wysheid van God, die verborge waarheid wat bedek was en wat God van ewigheid af vir ons voorbestem het tot ons ewige heerlikheid.

⁸Nie een van die heersers van hierdie wêreld het hierdie wysheid geken nie. As hulle dit geken het, sou hulle nie die Here van die heerlikheid gekruisig het nie.

⁹Maar soos daar geskrywe staan: “Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor het nie,” en wat in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God gereed gemaak vir dié wat Hom liefhet.

¹⁰Aan ons dan het God dit deur die Gees bekend gemaak, want die Gees deursoek alle dinge, ook die diepste geheimenisse van God.

¹¹Watter mens ken die verborge dinge van 'n mens behalwe die gees van die mens wat in hom is? So ook ken niemand die verborge dinge van God nie, behalwe die Gees van God.

¹²Die Gees wat ons ontvang het, is nie die gees van die wêreld nie, maar die Gees wat van God kom. So weet ons wat God ons uit genade geskenk het.

¹³Dit verkondig ons ook, nie met geleerde woorde wat die menslike wysheid ons leer nie, maar met woorde wat die Gees ons leer. So verklaar ons geestelike dinge aan mense wat die Gees het.

¹⁴Die mens wat nie die Gees van God het nie, aanvaar nie die dinge van die Gees van God nie. Vir hom is dit onsin. Hy kan dit ook nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel moet word.

¹⁵Die mens wat die Gees van God het, kan die waarde van alle dinge beoordeel, maar self kan hy deur geen mens beoordeel word nie.

¹⁶Daar staan geskrywe: “Wie ken die gedagtes van die Here? Wie sal Hom raad gee? ” Maar ons, ons het die Gees van Christus.

1 Korintiërs 3

Die oorsaak van die verdeeldheid

¹Broers, ek kon met julle nie praat soos met mense wat hulle deur die Gees van God laat lei nie; ek moes praat soos met wêreldse mense, soos met kindertjies in die geloof in Christus.

²Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste kos nie, want julle kon dit nog nie verteer nie. En julle kan dit ook nou nog nie verteer nie,

³want julle is nog wêreldse mense. Daar kom jaloesie en twis onder julle voor. Is dit nie omdat julle nog wêrelds is en julle wêrelds gedra nie?

⁴As een van julle sê: “Ek is vir Paulus,” en 'n ander: “Ek is vir Apollos,” is julle dan nie nog wêrelds nie?

⁵Wat is Apollos dan? Wat is Paulus? Hulle is maar net dienaars deur wie julle tot geloof gekom het, en elkeen doen die werk soos die Here dit vir hom gegee het.

⁶Ek het geplant, Apollos het natgegooi, maar dit is God wat laat groei het.

⁷Dit gaan dus nie om die een wat plant of die een wat natgooi nie, maar om God wat laat groei.

⁸Die een wat plant en die een wat natgooi, staan op gelyke voet: God sal elkeen beloon volgens sy werk.

⁹Ons is medewerkers in diens van God, en julle is die saailand van God.

Die gelowiges as die gebou van God

Julle is ook die gebou van God.

¹⁰Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en 'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou,

¹¹want niemand kan 'n ander fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus.

¹²Of dit goud, silwer, edelstene, hout, gras of strooi is waarmee iemand op die fondament bou,

¹³elkeen se werk sal aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur, en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets.

¹⁴As iemand se bouwerk bly staan, sal hy beloon word;

¹⁵as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.

¹⁶Weet julle nie dat julle die tempel van God is en dat die Gees van God in julle woon nie?

¹⁷As iemand die tempel van God beskadig, sal God hom straf, want die tempel van God is heilig, en die tempel is julle.

¹⁸Niemand moet homself mislei nie. As een van julle dink dat hy volgens die maatstaf van hierdie wêreld 'n wyse man is, moet hy dwaas word sodat hy werklik 'n wyse mens kan word,

¹⁹want die wysheid van hierdie wêreld is dwaasheid by God. Daar staan tog geskrywe: “Hy vang die slimmes met hulle eie slinkse planne,”

²⁰en op 'n ander plek: “Die Here ken die gedagtes van die wyse mense en weet dit beteken niks.”

²¹Daarom moet niemand op mense roem nie. Alles behoort aan julle:

²²of dit Paulus of Apollos of Sefas of die wêreld of lewe of dood of hede of toekoms is, alles behoort aan julle,

²³maar julle behoort aan Christus en Christus aan God.

1 Korintiërs 4

Die bediening van die apostels

- ¹So moet julle ons dan sien: ons is dienaars van Christus en bestuurders aan wie die geheimenisse van God toevertrou is.
- ²Van 'n bestuurder word veral vereis dat hy betroubaar moet wees.
- ³Maar vir my is dit nie van die minste belang of my betroubaarheid deur julle of deur 'n menslike regbank beoordeel word nie. Trouens, ek beoordeel dit self nie eens nie.
- ⁴Daar is ook niks waaroor my gewete my aankla nie, maar dit beteken nog nie dat ek vrygespreek is nie. Dit is die Here wat my beoordeel.
- ⁵Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, 'n oordeel uitspreek nie. Hy sal ook die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom.
- ⁶In hierdie uiteensetting, broers, het ek myself en Apollos as voorbeelde gebruik om julle te leer wat die gesegde beteken: “Hou jou binne die perke wat God gestel het.” Dan sal niemand hom belangriker as 'n ander beskou oor sy leermeester nie.
- ⁷Wie maak jou so belangrik? En wat besit jy wat jy nie ontvang het nie? As jy dit dan ontvang het, waarom stel jy jou so aan asof jy dit nie ontvang het nie?
- ⁸Julle het mos klaar alles wat julle begeer! Julle is al klaar ryk! Julle regeer al klaar soos konings! Ons nog nie. As julle tog maar werklik konings was, sodat ons saam met julle kon regeer.
- ⁹Dit lyk vir my God het aan ons, die apostels, die laaste plek in die ry gegee asof ons mense is wat tot die dood in die arena veroordeel is. Ons het 'n skouspel geword vir die wêreld, vir engele sowel as vir mense.
- ¹⁰Ons is dwaas ter wille van Christus, julle is verstandig in Christus; ons is swak, julle is sterk; julle geniet aansien, ons word verag.

¹¹Tot op hierdie oomblik ly ons honger en dors, ons is armoedig aangetrek en word mishandel. Ons swerf rond

¹²en werk hard met ons eie hande. Ons word uitgeskel, en ons antwoord met seënwenne; ons word vervolg, en ons verdra dit;

¹³ons word beledig, en ons bly vriendelik. Ons het die uitvaagsels van die wêreld, die skuim van die samelewing geword, en dit is nou nog so.

¹⁴Hierdie dinge skryf ek nie om julle skaam te maak nie, maar om julle as my geliefde kinders tereg te wys,

¹⁵want al sou julle ook duisende leermeesters in Christus hê, baie vaders het julle nie. Deur die verkondiging van die evangelie is ek in Christus Jesus julle vader.

¹⁶Daarom spoor ek julle aan: Volg my voorbeeld!

¹⁷Om hierdie rede het ek Timoteus, my geliefde en getroue seun in die Here, na julle toe gestuur. Hy sal julle herinner aan my lewe en leer in Christus Jesus, waarin ek ook oral in elke gemeente onderrig gee.

¹⁸Party van julle het gedink ek kom nie weer na julle toe nie en het hulle toe begin aanmatig.

¹⁹Maar binnekort sal ek na julle toe kom, as die Here wil, en dan sal ek self die verwaandes leer ken, nie volgens hulle praatjies nie, maar volgens wat hulle kan doen.

²⁰Die koninkryk van God is immers nie 'n saak van praatjies nie, maar van krag.

²¹Wat verkies julle? Moet ek met 'n slaanding na julle toe kom, of in liefde en in 'n gees van vriendelikheid?

1 Korintiërs 5

Verregaande onsedelikheid en oproep om tug toe te pas

¹'n Mens hoor werklik van onsedelikheid onder julle, en dan nogal onsedelikheid van so 'n aard as wat selfs onder die heidene nie voorkom nie, naamlik dat 'n man en sy stiefma as man en vrou saamleef.

²En dan verbeel julle julle nog julle is beter as ander. Moes julle nie liewer daaroor getreur het nie? So sou julle die man wat so iets gedoen het, uit julle kring verwyder het.

³⁻⁴Wat my betref, al was ek nie persoonlik by julle nie, was ek tog in die gees daar. Asof ek werklik daar was, het ek oor die man wat so iets gedoen het, reeds in die Naam van ons Here Jesus tot 'n besluit gekom. Julle daar, en ek in die gees teenwoordig, saam met die krag van ons Here Jesus, het vergader om hierdie man aan die Satan oor te gee.

⁵So sou sy sondige aard vernietig word, sodat sy gees gered kan word op die dag wanneer die Here kom.

⁶Julle selfverheffing is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg deurtrek nie?

⁷Verwyder dan die ou suurdeeg, sodat julle nuwe, ongesuurde deeg kan wees, en dit is julle ook werklik. Ons paaslam is immers geslag: dit is Christus.

⁸Laat ons dan feesvier, nie met die ou suurdeeg of met die suurdeeg van onsedelikheid en ander sonde nie, maar met die ongesuurde brood van reinheid en waarheid.

⁹In die vorige brief het ek aan julle geskryf om nie met mense om te gaan wat in onsedelikheid leef nie.

¹⁰Daarmee het ek glad nie die onsedelikes of die geldgieriges, bedrieërs of afgodsdienaars van hierdie wêreld bedoel nie, want om hulle te vermy, sou julle uit die wêreld moes padgee.

¹¹Wat ek geskryf het, was dat julle nie moet omgaan met iemand wat homself 'n gelowige noem, maar wat onsedelik of geldgierig of 'n afgodsdienaar of kwaadprater of dronkaard of bedrieër is nie. Met so iemand moet julle nie eens saam eet nie.

¹²⁻¹³Per slot van rekening is dit nie vir my om oor mense buite die gemeente te oordeel nie. God sal oor hulle oordeel. Maar julle moet oor julle eie mense oordeel: “Verwyder die slegte mens onder julle uit! ”

1 Korintiërs 6

Hofsake tussen gelowiges

- ¹Gaan iemand van julle wat 'n saak teen 'n ander gelowige het, werklik so ver dat hy sy reg by heidense regters soek en nie by gelowiges nie?
- ²Of weet julle nie dat die gelowiges oor die wêreld sal oordeel nie? En as julle oor die wêreld sal oordeel, is julle dan onbevoeg vir sulke geringe hofsake?
- ³Weet julle nie dat ons oor die engele sal oordeel nie? Dan tog seker ook oor alledaagse dinge.
- ⁴As julle oor alledaagse dinge geskille het, laat julle dan dié mense as regters optree op wie die gemeente neersien?
- ⁵Ek sê dit om julle skaam te maak. Is daar dan nie 'n enkele verstandige mens onder julle wat 'n saak tussen gelowiges kan besleg nie?
- ⁶Maar gaan een gelowige nou met die ander hof toe, en dit voor ongelowige regters?
- ⁷Eintlik is julle saak al klaar verlore, omdat julle hofsake met mekaar het. Waarom ly julle nie liewer onreg nie? Waarom laat julle julle nie liewer te kort doen nie?
- ⁸In plaas daarvan pleeg julle onreg en doen ander te kort, en dit doen julle aan medegelowiges.
- ⁹Of weet julle nie dat mense wat onreg doen, geen deel sal kry aan die koninkryk van God nie? Moenie julleself mislei nie: geen onsedelikes of afgodsdienaars of egbrekers of mense wat homoseksualiteit beoefen
- ¹⁰of diewe of geldgieriges of dronkaards of kwaadpraters of bedrieërs sal deel kry aan die koninkryk van God nie.
- ¹¹En so was party van julle juis ook. Maar julle het julle sonde laat afwas, julle is geheilig, julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

Verheerlik God in julle liggame

¹²Daar is mense wat sê: “Alles is my geoorloof.” Ja, maar nie alles is heilsaam nie. “Alles is my geoorloof,” sê hulle. Ja, maar ek gaan my nie deur enigiets laat verslaaf nie.

¹³Hulle sê ook: “Kos is vir die maag, en die maag vir kos.” Goed, maar God sal die een sowel as die ander tot niet maak. 'n Mens se liggaam is nie bedoel vir seksuele losbandigheid nie, maar is daar vir die Here, wat ook oor ons liggaam Here is.

¹⁴God het deur sy krag die Here uit die dood opgewek en so sal Hy ons ook opwek.

¹⁵Weet julle nie dat julle liggaam deel is van Christus nie? Sal ek nou 'n deel van Christus neem en dit 'n deel van 'n ontugtige vrou maak? Beslis nie!

¹⁶Of weet julle nie dat iemand wat met 'n ontugtige vrou omgang het, liggaamlik een met haar is nie? God sê immers: “Die twee sal een word.”

¹⁷Maar wie hom met die Here verenig, is geestelik een met Hom.

¹⁸Julle moet niks met seksuele losbandigheid te doen hê nie. Elke ander sonde wat 'n mens doen, vind buite sy liggaam plaas, maar iemand wat seksueel losbandig lewe, vergryp hom aan sy eie liggaam.

¹⁹Of besef julle nie dat julle liggaam 'n tempel van die Heilige Gees is nie? Julle het die Heilige Gees, wat in julle woon, van God ontvang, en julle behoort nie aan julleself nie:

²⁰julle is gekoop, en die prys is betaal. Julle moet God dus in julle liggaam verheerlik.

1 Korintiërs 7

Raad oor die huwelik

¹Ek kom nou by die dinge waaroor julle aan my geskryf het. Dit is goed vir 'n man om sonder 'n vrou te lewe,

²maar weens die gevare van onsedelikheid behoort elke man sy eie vrou te hê en elke vrou haar eie man.

³Die man moet sy huwelikspelig teenoor sy vrou nakom, en net so ook die vrou teenoor haar man.

⁴Die vrou beskik nie oor haar eie liggaam nie, maar die man; net so beskik die man ook nie oor sy eie liggaam nie, maar die vrou.

⁵Moenie vir mekaar omgang weier nie, behalwe met wedersydse toestemming en net vir 'n bepaalde tyd om julle aan die gebed te wy. Daarna moet julle weer saamkom, sodat die Satan julle nie miskien weens julle gebrek aan selfbeheersing verlei nie.

⁶Dit sê ek as 'n tegemoetkoming, nie as 'n bevel nie.

⁷Eintlik wens ek dat alle mense kon wees soos ek is. Maar elkeen het van God sy besondere gawe ontvang, die een dít en die ander iets anders.

⁸Vir die ongetroudes en die weduwees sê ek: Dit is vir hulle goed om ongetroud te bly soos ek.

⁹Maar as hulle nie in onthouding kan leef nie, moet hulle trou, want dit is beter om te trou as om deur hartstog verteer te word.

¹⁰Die getroudes beveel ek — nee, nie ek nie, maar die Here — dat 'n vrou nie van haar man mag skei nie.

¹¹As sy tog skei, moet sy daarna ongetroud bly of haar met haar man versoen. Net so mag 'n man ook nie van sy vrou skei nie.

¹²Vir die ander sê ek — ek, nie die Here nie: As 'n gelowige man met 'n ongelowige vrou getroud is en sy gewillig is om by hom te bly, moet hy nie van haar skei nie.

¹³En as 'n vrou met 'n ongelowige man getroud is en hy gewillig is om by haar te bly, moet sy nie van die man skei nie.

¹⁴Die ongelowige man is by God aanneemlik deur die band met die gelowige vrou, en die ongelowige vrou is by God aanneemlik deur die band met die gelowige man. Anders sou julle kinders heidene wees, maar nou behoort hulle aan God.

¹⁵As die ongelowige egter wil skei, laat hom skei. In sulke gevalle is die gelowige man of vrou nie gebind nie. God het julle geroep om in vrede te lewe.

¹⁶Jy, vrou, weet immers nie of jy jou man sal red nie. Of jy, man, hoe weet jy of jy jou vrou sal red?

¹⁷Verder moet elkeen in die omstandighede bly wat die Here vir hom gegee het. Hy moet bly wat hy was toe God hom geroep het. So skryf ek dit ook aan al die gemeentes voor.

¹⁸As iemand reeds besny was toe God hom geroep het, moet hy die teken van sy besnydenis nie ongedaan probeer maak nie. As iemand 'n onbesnedene was toe hy geroep is, moet hy hom nie laat besny nie.

¹⁹Dit kom nie daarop aan of iemand besny is of nie, maar wel of hy die gebooie van God onderhou.

²⁰In die samelewing moet elkeen bly in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het.

²¹As jy 'n slaaf was toe God jou geroep het, moet jy jou nie daarvoor kwel nie. Maar as jy die kans kry om vry te word, maak gerus daarvan gebruik.

²²'n Slaaf wat deur die Here geroep is, is immers 'n vrygemaakte van die Here. Net so ook is 'n vry man wat deur die Here geroep is, nou 'n slaaf van Christus.

²³Julle is vrygekoop en die prys is betaal; moet dan nie slawe van mense wees nie.

²⁴Broers, elkeen moet God dien in die omstandighede waarin hy was toe God hom geroep het.

Die ongetroudes en weduwees

²⁵Wat die ongetroudes betref, het ek geen bevel van die Here nie, maar ek gee my eie mening as iemand wat deur die genade van die Here betroubaar is.

²⁶Ek meen dat, met die oog op die swaarkry van die eindtyd, dit vir 'n mens goed is om te bly soos hy is:

²⁷as jy getroud is, moenie skei nie; as jy ongetroud is, moenie 'n vrou soek nie.

²⁸Maar as jy tog trou, doen jy nie verkeerd nie. En as 'n jongmeisie trou, doen sy nie verkeerd nie. Maar sulke mense sal swaar kry in hierdie lewe, en ek wil julle dit bespaar.

²⁹Ek bedoel dít, broers: die tyd is min. Van nou af moet dié wat getroud is, leef asof hulle nie getroud is nie;

³⁰en dié wat bedroef is, asof hulle nie bedroef is nie; en dié wat bly is, asof hulle nie bly is nie; dié wat iets aankoop, asof hulle dit nie besit nie.

³¹Ja, dié wat met die dinge van die wêreld te doen het, moet leef asof hulle daar niks aan het nie, want hierdie wêreld soos ons hom ken, is aan die verbygaan.

³²Ek wil hê julle moet vry wees van sorg. Die ongetroude man gee aandag aan die dinge van die Here, aan hoe hy die Here kan behaag.

³³Die getroude man gee ook aandag aan die dinge van die wêreld, aan hoe hy sy vrou kan behaag,

³⁴en sy aandag is verdeel. Ook die ongetroude vrou en die jongmeisie gee aandag aan die dinge van die Here, om na liggaam en gees aan Hom toegewy te wees. Maar die getroude vrou gee ook aandag aan die dinge van die wêreld, aan hoe sy haar man kan behaag.

³⁵Dit alles sê ek vir julle eie beswil. Ek wil julle nie aan bande lê nie, maar ek wil hê julle moet in eerbaarheid lewe en in onverdeelde toewyding aan die Here.

³⁶As iemand meen dat hy teenoor sy verloofde onbehoorlik handel deur nie te trou nie, en sy begeertes te sterk word en hy voel dat hulle behoort te trou, laat hom doen wat hy graag wil: laat hulle gerus trou. Dit is nie verkeerd nie.

³⁷Maar as iemand in sy eie gemoed oortuig is dat hy nie moet trou nie, en hy nie onder enige dwang verkeer nie, maar volle beheer oor sy eie wil het, en hy by homself besluit het om nie te trou nie, doen hy 'n goeie ding.

³⁸Dus, hy wat met sy verloofde trou, doen goed. Wie egter nie trou nie, doen beter.

³⁹'n Vrou is aan haar man gebind so lank as hy lewe. As hy sterwe, is sy vry om te trou met wie sy wil, mits dit met 'n gelowige is.

⁴⁰Tog is sy na my mening gelukkiger as sy ongetroud bly; en ek dink dat ek ook die Gees van God het.

1 Korintiërs 8

Die vraag oor vleis wat aan 'n afgod geoffer is

¹En nou julle vraag oor vleis wat aan 'n afgod geoffer is. Ons weet dat ons almal kennis het. Kennis maak verwaand, maar liefde bou op.

²As iemand meen hy het kennis van iets, het hy nog nie die kennis wat 'n mens behoort te hê nie.

³Maar as iemand God liefhet, ken God hom.

⁴Wat nou betref die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is: ons weet dat daar geen afgod in die hele wêreld is wat iets beteken nie, en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een.

⁵En al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat “God” en baie wat “Here” genoem word,

⁶is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here: Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.

⁷Maar nie almal het hierdie kennis nie. Daar is party van julle wat so gewoon is aan afgode dat hulle nog altyd vleis eet asof dit 'n offer aan 'n afgod is. Daardeur word hulle gewete, wat reeds swak is, verder beswaar.

⁸Wat ons eet, bring ons egter nie nader aan God nie. As ons nie eet nie, verloor ons niks nie; en as ons eet, wen ons niks nie.

⁹Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat swak is, 'n aanleiding tot sonde word nie.

¹⁰As jy wat hierdie kennis het, in 'n afgodstempel gaan eet en iemand met 'n swak gewete sien jou, sal dit hom dan nie aanmoedig om die vleis as afgodsoffer te eet nie?

¹¹Dan gaan die swakke verlore deur hierdie kennis van jou, en dit 'n broer vir wie Christus gesterf het.

¹²Deur so teen die broers te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus.

¹³Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie.

1 Korintiërs 9

Die regte en pligte van 'n apostel

¹Is ek nie vry nie? Is ek nie 'n apostel nie? Het ek nie vir Jesus, ons Here, gesien nie? Is julle wat aan die Here behoort, nie die vrug van my werk nie?

²Al is ek vir ander nie 'n apostel nie, vir julle is ek dit tog. Immers, julle wat aan die Here behoort, is die seël op my apostelskap.

³My verdediging teen dié wat regter oor my speel, is dít:

⁴het ons dan nie reg op lewensonderhoud nie?

⁵Het ons nie selfs die reg om elkeen sy vrou wat 'n gelowige is, op reis saam te neem soos ook die ander apostels en die Here se broers en Sefas nie?

⁶Of is dit net ek en Barnabas wat nie die reg het om op te hou met die hande arbeid vir eie onderhoud nie?

⁷Wie dien ooit op eie koste as soldaat? Wie plant 'n wingerd en eet nie van sy vrugte nie? Of wie pas vee op en geniet nie van hulle melk nie?

⁸Wat ek sê, is nie maar net alledaagse waarhede nie. Sê die wet dit nie ook nie?

⁹In die wet van Moses staan daar tog geskrywe: “Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie.” Is dit miskien oor die beeste dat God Hom bekommer?

¹⁰Of sê Hy dit juis ter wille van óns? Ja, ter wille van ons is dit geskrywe. Hy wat ploeg, moet met verwagting ploeg, en hy wat dors, moet dit doen met die verwagting om sy deel te ontvang.

¹¹As ons vir julle die geestelike saad gesaai het, is dit dan te veel gevra as ons van julle die stoflike lewensonderhoud sou inoes?

¹²As julle aan ander hierdie reg toestaan, kom dit ons dan nie nog meer toe nie? Maar van hierdie reg het ons nie gebruik gemaak nie. Inteendeel, ons dra al die koste self sodat ons geen hindernis in die weg van die evangelie van Christus sou lê nie.

¹³Weet julle nie dat dié wat tempeldiens verrig, uit die tempel lewe, en dat dié wat die altaar bedien, uit die offers hulle deel ontvang nie?

¹⁴So het die Here ook bepaal dat dié wat die evangelie verkondig, hulle lewensonderhoud uit die verkondiging van die evangelie moet ontvang.

¹⁵Wat my betref, ek het hiervan geen gebruik gemaak nie. Ek skryf dit ook nie met die bedoeling om daarop aanspraak te maak nie. Ek gaan liewer dood! Dié roem sal niemand my ontnem nie!

¹⁶As ek die evangelie verkondig, is dit nie vir my 'n rede om te roem nie. Ek verkondig die evangelie omdat ek móét! En wee my as ek dit nie doen nie!

¹⁷As ek dit uit eie keuse doen, kan ek op loon aanspraak maak, maar ek doen dit nie uit eie keuse nie: dit is 'n taak wat aan my toevertrou is.

¹⁸Wat is my loon dan? Dit is dat ek as prediker die evangelie kosteloos verkondig en so afstand doen van my reg wat aan die verkondiging van die evangelie verbonde is.

¹⁹Hoewel ek vry is en van niemand afhanklik nie, het ek my aan almal diensbaar gestel om soveel mense as moontlik vir Christus te wen.

²⁰Vir die Jode het ek soos 'n Jood geword om Jode te wen. Hoewel ek self nie meer onder die wet is nie, het ek my vir dié wat onder die wet staan, onder die wet gestel om hulle te wen.

²¹Hoewel ek nie sonder die wet van God is nie, maar onder die wet van Christus, het ek vir dié wat sonder die wet is, geword soos een sonder die wet om hulle te wen.

²²Vir die swakkes het ek swak geword om die swakkes te wen. Vir almal het ek alles geword om in elk geval sommige te red.

²³Dit alles doen ek ter wille van die evangelie, sodat ek aan die vrug daarvan deel kan hê.

²⁴Weet julle nie dat atlete wat aan 'n wedloop deelneem, wel almal hardloop, maar dat net een die prys ontvang nie? Hardloop dan só dat julle die prys kan wen.

²⁵Almal wat aan 'n wedstryd deelneem, ontsê hulleself allerlei dinge. Hulle doen dit om 'n verganklike oorwinnaarskroon te verkry, maar ons 'n onverganklike.

²⁶Ek hardloop dan ook soos een wat nie van sy doel onseker is nie; ek slaan soos 'n bokser wat nie in die lug slaan nie.

²⁷Maar ek oefen my liggaam en bring dit onder beheer, sodat ek nie ander tot die stryd oproep en self nie kwalifiseer nie.

1 Korintiërs 10

Waarskuwing teen afgodery

¹Broers, ek wil julle daaraan herinner dat ons voorvaders almal onder die beskerming van die wolk was en almal veilig deur die see gegaan het.

²Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop.

³Almal het dieselfde geestelike voedsel geëet,

⁴en almal het dieselfde geestelike drank gedrink: hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat met hulle saamgegaan het. Die rots was Christus.

⁵Tog was God met die meeste van hulle nie tevrede nie, want hulle het in die woestyn omgekom.

⁶Hierdie dinge het gebeur as voorbeelde vir ons dat ons ons nie soos hulle deur sondige begeertes moet laat dryf nie.

⁷Julle moenie afgodsdienaars word nie, soos sommige van hulle oor wie daar geskrywe staan: “Die volk het gaan sit om te eet en te drink en het opgestaan en hulle aan uitspattighede oorgegee.”

⁸Laat ons ook nie onsedelikheid pleeg nie, soos sommige van hulle onsedelikheid gepleeg het, en op een dag het daar drie en twintig duisend omgekom.

⁹Laat ons Christus nie uittart nie, soos sommige van hulle Hom uitgetart het, en hulle het deur slange omgekom.

¹⁰En moenie teen God in verset kom nie, soos sommige van hulle in verset gekom het, en hulle het deur die engel van die dood omgekom.

¹¹Hierdie dinge het oor hulle gekom as 'n voorbeeld vir ons en is opgeskryf as 'n waarskuwing vir ons wat die einde van die tye al beleef.

¹²Daarom, wie meen dat hy staan, moet oppas dat hy nie val nie.

¹³Geen versoeking wat meer is as wat 'n mens kan weerstaan, het julle oorval nie. God is getrou. Hy sal nie toelaat dat julle bo julle kragte versoek word nie; as die versoeking kom, sal Hy ook die uitkoms gee, sodat julle dit kan weerstaan.

¹⁴Daarom, my geliefdes, moet niks met die afgodsdienste te doen hê nie.

¹⁵Ek praat met julle as verstandige mense. Beoordeel self wat ek sê.

¹⁶Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?

¹⁷Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.

¹⁸Kyk maar hoe is dit by die Joodse volk. Kom daar dan nie gemeenskap tot stand tussen die offeraltaar en dié wat die offers eet nie?

¹⁹Wat wil ek hiermee sê? Dat 'n afgodsoffer of 'n afgod enige betekenis het?

²⁰Nee, maar dat dié wat aan hulle offer, aan bese geeste offer en nie aan God nie. En ek wil nie hê julle moet met bese geeste gemeenskap hou nie.

²¹Julle kan nie die beker van die Here drink en ook die beker van bese geeste nie. Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van bese geeste nie.

²²Of wil ons die Here uittart? Is ons miskien sterker as Hy?

Alles tot eer van God

²³Daar is mense wat sê: “Alles is geoorloof.” Ja, maar nie alles is heilsaam nie. “Alles is geoorloof,” sê hulle. Ja, maar alles is nie opbouend nie.

²⁴'n Mens moet nie sy eie voordeel soek nie, maar dié van ander.

²⁵Alles wat in 'n slaghuis verkoop word, kan julle eet sonder om ter wille van die gewete navraag te doen,

²⁶“want die aarde met alles wat daarop is, behoort aan die Here.”

²⁷As 'n ongelowige julle uitnoui en julle besluit om te gaan, kan julle alles eet wat vir julle voorgesit word, sonder om ter wille van die gewete navraag te doen.

²⁸Maar as iemand vir julle sê: “Die vleis is 'n afgodsoffer,” moet dit dan nie eet nie, ter wille van hom wat dit gesê het en ter wille van die gewete.

²⁹Ek bedoel nou nie jou eie gewete nie, maar dié van die ander man. “Waarom,” sou jy vra, “moet my vryheid beperk word deur 'n ander man se gewete?”

³⁰As ek iets met danksegging geniet, waarom word daar van my kwaad gepraat oor iets waarvoor ek God dank? ”

³¹Of julle eet en of julle drink of wat julle ook al doen, doen alles tot eer van God.

³²Moenie aanstoot gee nie, nie aan Jode of aan Grieke of aan die gemeente van God nie.

³³Maak soos ek: ek probeer om almal in alles tegemoet te kom. Ek soek nie my eie belang nie maar dié van baie ander, sodat hulle gered kan word.

1 Korintiërs 11

¹Volg my voorbeeld, soos ek die voorbeeld van Christus volg.

Die verhouding tussen God, Christus, man en vrou

²Ek vind dit prysenswaardig dat julle in alles aan my bly dink en vashou aan die oorgelewerde leer soos ek dit aan julle oorgedra het.

³Ek wil egter hê julle moet weet dat Christus die hoof is van elke man, en 'n man die hoof van sy vrou, en God die hoof van Christus.

⁴Elke man wat bid of profeteer met iets op sy kop, doen sy hoof, Christus, oneer aan.

⁵Maar elke vrou wat bid of profeteer sonder iets op haar kop, doen haar hoof, haar man, oneer aan, want dan is sy net soos 'n vrou wie se hare afgeskeer is.

⁶As 'n vrou nie iets op haar kop wil sit nie, kan sy ewe goed haar hare laat afsny. Maar aangesien dit 'n skande is vir 'n vrou om haar hare te laat afsny of afskeer, moet sy iets op haar kop sit.

⁷'n Man behoort nie iets op sy kop te sit nie. Hy is die beeld en sieraad van God, maar die vrou is die sieraad van die man.

⁸Die man is nie uit die vrou geneem nie, maar die vrou uit die man.

⁹Die man is ook nie ter wille van die vrou geskep nie, maar die vrou ter wille van die man.

¹⁰Daarom behoort die vrou 'n teken van die man se gesag oor haar op haar kop te hê ter wille van die engele.

¹¹Tog het die Here bepaal dat die vrou nie sonder die man sal bestaan nie, en die man nie sonder die vrou nie,

¹²want soos die vrou uit die man geneem is, so kom die man deur die vrou in die wêreld, maar alles is uit God.

¹³Oordeel julle nou maar self: is dit betaamlik vir 'n vrou om sonder iets op haar kop in die erediens tot God te bid?

¹⁴Die algemene opvatting is tog dat dit vir 'n man nie eerbaar is om lang hare te dra nie,

¹⁵maar dat dit vir 'n vrou wel eerbaar is. Lang hare is immers vir haar gegee as 'n bedekking.

¹⁶Ons het in die erediens nie 'n ander gewoonte nie, en die ander gemeentes van God ook nie. Dit sê ek vir iemand wat hieroor wil stry.

Onreëlmatighede by die nagmaal

¹⁷Noudat ek besig is om voorskrifte te gee — daar is dinge wat ek nie prysenswaardig vind nie. Dit is dat julle samekomste eerder kwaad doen as goed.

¹⁸Wat my veral hinder, is dat daar, soos ek hoor, verdeeldheid onder julle is wanneer julle as gemeente saamkom; en gedeeltelik glo ek dit ook.

¹⁹Daar moet trouens partyskappe onder julle wees sodat dit bekend kan word wie van julle die toets kan deurstaan.

²⁰As julle dan as gemeente saamkom, is dit nie meer die nagmaal van die Here wat julle vier nie,

²¹want by die gemeenskaplike maaltyd eet elkeen gou sy eie eetgoed, met die gevolg dat party honger bly en party te veel drink.

²²Het julle dan nie huise waar julle kan eet en drink nie? Of het julle nie eerbied vir die gemeente van God nie, en wil julle die armes verneder? Wat moet ek vir julle sê? Moet ek julle prys? Hieroor prys ek julle beslis nie!

²³Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem

²⁴en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: “Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis.”

²⁵Net so ook het Hy ná die maaltyd die beker geneem en gesê: “Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.”

²⁶Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Ongepaste deelname aan die nagmaal

²⁷Elkeen wat op 'n ongepaste wyse van die brood eet of uit die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan sonde teen die liggaam en die bloed van die Here.

²⁸Maar elkeen moet eers homself ondersoek voor hy van die brood eet en uit die beker drink,

²⁹want hy wat eet en drink sonder om te besef dat dit die liggaam van die Here is, bring daardeur 'n oordeel oor homself.

³⁰Daarom is daar baie swakkes en siekliques onder julle en sterf daar baie van julle.

³¹As ons onself vooraf reg ondersoek het, sou ons nie onder die oordeel gekom het nie.

³²Maar nou word ons deur die Here geoordeel en getugtig, sodat ons nie saam met die wêreld veroordeel sal word nie.

³³Daarom, my broers, as julle saamkom om die nagmaal te vier, wag vir mekaar.

³⁴As een van julle honger is, moet hy liever by die huis eet, sodat julle nie 'n oordeel oor julle bring as julle bymekaarkom nie. Die ander sake sal ek reël wanneer ek daar kom.

1 Korintiërs 12

Die verskeidenheid van geestelike gawes

¹Wat die gawes van die Gees betref, broers, wil ek hê dat julle ingelig moet wees.

²Julle weet dat, toe julle nog heidene was, julle blindelings na die stom afgode meegevoer is.

³Daarom wil ek hê julle moet weet dat iemand wat sê: “Vervloek is Jesus” nie deur die Gees van God praat nie; en niemand kan sê: “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees.

⁴Daar is 'n verskeidenheid van genadegawes, maar dit is dieselfde Gees wat dit gee;

⁵daar is 'n verskeidenheid van bedieninge, maar dit is dieselfde Here wat die opdrag gee;

⁶daar is 'n verskeidenheid van kragtige werkinge, maar dit is dieselfde God wat alles in almal tot stand bring.

⁷Aan elkeen afsonderlik word 'n werking van die Gees gegee tot voordeel van almal.

⁸Aan die een word deur die Gees die gawe gegee om 'n woord van wysheid te praat, aan 'n ander 'n woord van kennis deur dieselfde Gees;

⁹aan die een geloof deur dieselfde Gees, aan 'n ander genadegawes van gesondmaking deur die één Gees.

¹⁰Aan die een gee Hy die krag om wonders te doen, aan 'n ander die gawe om te profeteer, en aan nog 'n ander die gawe om tussen die geeste te onderskei. Aan nog een gee Hy die gawe om ongewone tale of klanke te gebruik en aan 'n ander om dit uit te lê.

¹¹Maar al hierdie dinge is die werk van een en dieselfde Gees, wat aan elkeen afsonderlik 'n gawe uitdeel soos Hy wil.

Een liggaam met baie lede

¹²Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus.

¹³Omdat ons almal een liggaam geword het, is ons almal met die een Gees gedoop, of ons nou Jood of Griek is, slaaf of vry. Ons is almal van die een Gees deurdrenk.

¹⁴Die liggaam bestaan ook nie net uit een lid nie, maar uit baie.

¹⁵As die voet sou sê: “Omdat ek nie 'n hand is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede tog nie op om deel van die liggaam te wees nie.

¹⁶En as die oor sou sê: “Omdat ek nie 'n oog is nie, is ek nie deel van die liggaam nie,” hou hy om dié rede eweneens nie op om deel van die liggaam te wees nie.

¹⁷As die hele liggaam oog was, hoe sou hy kon hoor? En as die hele liggaam oor was, hoe sou hy kon ruik?

¹⁸Maar nou het God die lede, elkeen van hulle afsonderlik, in die liggaam gevoeg soos Hy dit wou hê.

¹⁹As almal saam net een lid was, hoe sou daar 'n liggaam kon wees?

²⁰Nou is daar wel baie lede maar net een liggaam.

²¹Die oog kan nie vir die hand sê: “Ek het jou nie nodig nie.” Die kop kan weer nie vir die voete sê: “Ek het julle nie nodig nie.”

²²Inteendeel, die lede van die liggaam wat as die swakste voorkom, is juis noodsaaklik,

²³en dié wat vir ons minder mooi lyk, klee ons met groter sorg. So word ons minder aansienlike dele besonder mooi gemaak,

²⁴terwyl die aantreklike dele dit nie nodig het nie. God het die liggaam so saamgestel dat Hy groter eer gegee het aan die lid wat eer kortkom,

²⁵sodat daar nie verdeeldheid in die liggaam sou wees nie, maar dat die lede gelyke sorg vir mekaar dra.

²⁶As een lid ly, ly al die lede saam; en as een lid geëer word, is al die lede saam bly.

²⁷Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan.

²⁸En in die kerk is daar mense aan wie God 'n bepaalde taak gegee het. Ten eerste is daar apostels, ten tweede profete, ten derde leraars; verder is daar dié wat wonderdade kan doen, dan dié wat genadegawes ontvang het om mense gesond te maak, om hulp te verleen, om leiding te gee of om ongewone tale of klanke te gebruik.

²⁹Is almal miskien apostels? Is almal profete? Is almal leraars? Kan almal miskien wonders doen?

³⁰Het almal die genadegawes om mense gesond te maak? Of gebruik almal miskien ongewone tale of klanke en kan almal dit uitlê?

³¹Lê julle toe op die beste genadegawes.

1 Korintiërs 13

Die liefde

¹Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword.

²Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks.

³Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks.

⁴Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie.

⁵Dit handel nie onweloweglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie.

⁶Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid.

⁷Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

⁸Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak.

⁹Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik,

¹⁰maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees.

¹¹Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar nou dat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind.

¹²Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken.

¹³En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!

1 Korintiërs 14

Die gawe om te profeteer

¹Julle moet die liefde nastreef. Lê julle toe op die gawes van die Gees, maar veral daarop om te profeteer.

²Iemand wat ongewone tale of klanke gebruik, praat nie met mense nie, maar met God. Niemand verstaan hom nie, want deur die Gees sê hy onbegryplike dinge.

³Iemand wat profeteer, rig hom tot mense en praat woorde wat geestelik opbou en bemoedig en vertroos.

⁴Die een wat ongewone tale of klanke gebruik, bou net homself op, maar die een wat profeteer, bou die gemeente op.

⁵Ek sou graag wil hê dat julle almal ongewone tale of klanke gebruik, maar nog liewer dat julle profeteer. Die een wat profeteer, is van groter betekenis as die een wat ongewone tale of klanke gebruik, tensy hy dit ook uitleë, sodat die gemeente daardeur opgebou kan word.

⁶En nou, broers, as ek na julle toe kom en ongewone tale of klanke gebruik, van watter nut sal ek vir julle wees? Ek sal vir julle net van nut wees as ek 'n openbaring of kennis of profesie of lering aan julle meedeel.

⁷Dit is net soos met lewelose instrumente wat 'n klank afgee, soos 'n fluit of 'n siter. As daar nie klankverskille is nie, hoe sal 'n mens weet wat op die fluit of die siter gespeel word?

⁸En as die beuel 'n onduidelike sein gee, wie sal vir die geveg gereed maak?

⁹So is dit ook met julle. As julle ongewone tale of klanke gebruik en nie 'n verstaanbare woord praat nie, hoe sal 'n mens weet wat daar gesê word? Dan praat julle mos in die wind!

¹⁰Daar is wie weet hoeveel soorte tale in die wêreld, en nie een is sonder betekenis nie.

¹¹Maar as ek 'n taal nie ken nie, sal die een wat dit praat, vir my onverstaanbaar wees en ek vir hom.

¹²Dit is ook op julle van toepassing. As julle julle toelê op die gawes van die Gees, streef dan na dié wat tot opbou van die gemeente dien, sodat julle daarin kan uitmunt.

¹³Daarom moet hy wat ongewone tale of klanke gebruik, bid om die gawe om dit te kan uitlê,

¹⁴want as ek ongewone tale of klanke gebruik wanneer ek bid, dan bid my gees, maar my verstand is nie daarby betrokke nie.

¹⁵Hoe moet dit dan wees? Só, dat ek met die gees moet bid, maar ook met die verstand. Ek moet met die gees die lof van die Here sing, maar ook met die verstand.

¹⁶Anders, as jy met die gees 'n dankgebed doen, hoe sal 'n gewone mens wat daar teenwoordig is, op jou dankgebed “Amen” kan sê? Hy verstaan mos nie wat jy sê nie.

¹⁷Jou dankgebed is wel goed, maar ander mense word nie daardeur geestelik opgebou nie.

¹⁸Ek dank God dat ek meer ongewone tale of klanke gebruik as julle almal.

¹⁹Maar in die byeenkoms van die gemeente wil ek liever vyf woorde met my verstand praat om ook ander te onderrig, as duisend woorde in ongewone tale of klanke.

²⁰Broers, moenie in julle denke kinders wees nie. Wees onvolwasse in die slegte dinge, maar in julle denke volwasse.

²¹In die wet staan daar geskrywe dat die Here sê: “Deur andertaliges en deur die mond van vreemde mense sal Ek met hierdie volk praat, en selfs dan sal hulle na My nie luister nie.”

²²So is die gebruik van ongewone tale of klanke dan 'n teken vir ongelowiges en nie vir gelowiges nie. Daarteenoor is die profesie vir gelowiges en nie vir ongelowiges nie.

²³As die hele gemeente dan bymekaar is en almal gebruik ongewone tale of klanke en daar kom buitestaanders of ongelowiges binne, sal hulle nie sê julle is van julle verstand af nie?

²⁴Daarteenoor, as almal profeteer, en daar kom 'n ongelowige of 'n buitestaander binne, dan word hy deur almal in sy gewete aangespreek en kom hy tot selfondersoek.

²⁵Die verborge dinge van sy hart kom aan die lig. En so kom hy daartoe om op sy knieë te val, God te aanbid en openlik te getuig: “Waarlik, God is hier by julle! ”

Die goeie orde in die gemeente

²⁶Hoe moet dit dan wees, broers? Elke keer as julle bymekaarkom, het elkeen gewoonlik 'n bydrae om te lewer: 'n psalm, 'n onderwysing, 'n openbaring, 'n ongewone taal of klank, 'n uitleg daarvan. Sorg dan dat alles tot opbou van die gemeente verloop.

²⁷Wat die ongewone tale of klanke betref, net twee of hoogstens drie moet dit praat, elkeen op sy beurt, en daar moet een wees wat dit uitle.

²⁸As daar nie iemand is wat dit kan uitle nie, moet dié een wat ongewone tale of klanke gebruik, stilbly in die byeenkoms van die gemeente en net tuis met homself en met God praat.

²⁹Wat die profete betref, twee of drie kan aan die woord kom, en die ander moet beoordeel wat hulle sê.

³⁰Maar as 'n ander een wat daar sit, 'n openbaring ontvang, moet die spreker stilbly.

³¹Julle kan almal profeteer, maar een vir een, sodat almal daaruit kan leer en almal bemoedig kan word.

³²'n Profeet het immers beheer oor sy gees.

³³God is tog nie 'n God van wanorde nie, maar van orde en vrede. Soos in al die Christelike gemeentes

³⁴moet die vrouens ook in julle byeenkomste stilbly, want hulle word nie toegelaat om te praat nie. Hulle moet onderdanig wees, soos die wet ook sê.

³⁵As hulle iets te wete wil kom, moet hulle tuis hulle eie mans vra, want dit is lelik vir 'n vrou om in die erediens te praat.

³⁶Het die woord van God miskien van julle af uitgegaan? Of het dit julle alleen bereik?

³⁷Iemand wat dink dat hy 'n profeet is of 'n ander gawe van die Gees besit, moet erken dat wat ek aan julle skrywe, 'n bevel van die Here is.

³⁸Maar as iemand dit nie erken nie, sal God hom ook nie erken nie.

³⁹Daarom, my broers, beywer julle om te profeteer en moenie die gebruik van ongewone tale of klanke verhinder nie.

⁴⁰Alles moet egter gepas en ordelik geskied.

1 Korintiërs 15

Die opstanding van Christus

¹Ek herinner julle, broers, aan die evangelie wat ek aan julle verkondig het en wat julle ontvang het en waarin julle ook gevestig staan.

²Deur dié evangelie word julle ook gered as julle vashou aan die boodskap soos ek dit aan julle verkondig het. As julle aan iets anders vashou, het julle tevergeefs tot geloof gekom.

³Die belangrikste wat ek aan julle oorgelewer het en wat ek ook ontvang het, is dit: Christus het vir ons sondes gesterf, volgens die Skrifte;

⁴Hy is begrawe en op die derde dag opgewek, volgens die Skrifte.

⁵Hy het aan Sefas verskyn, daarna aan die twaalf,

⁶en daarna aan meer as vyf honderd broers tegelyk, van wie sommige al dood is maar die meeste nou nog lewe.

⁷Daarna het Hy aan Jakobus verskyn en toe aan al die apostels.

⁸Heel laaste het Hy ook aan my, die ontydig geborene, verskyn.

⁹Ek is immers die geringste van die apostels en is nie werd om 'n apostel genoem te word nie, omdat ek die kerk van God vervolg het.

¹⁰Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; intendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is.

¹¹In elk geval, of dit ek is of hulle — dit is wat ons verkondig, en dit is wat julle geglo het.

Die opstanding van die dooies

¹²As ons dan verkondig dat Christus uit die dood opgewek is, hoe kan party van julle nog beweer dat daar geen opstanding van die dooies is nie?

¹³As daar geen opstanding van die dooies is nie, beteken dit dat Christus ook nie opgewek is nie.

¹⁴En as Christus nie opgewek is nie, is ons prediking sonder inhoud en julle geloof ook sonder inhoud.

¹⁵Verder sou dit beteken dat ons vals getuienis oor God afgelê het, omdat ons teen God in getuig het dat Hy Christus opgewek het. As dit dan waar is dat die dooies nie opgewek word nie, het Hy Christus ook nie opgewek nie.

¹⁶As die dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie.

¹⁷En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof waardeloos en is julle nog gevange in julle sondes.

¹⁸Dan is ook dié wat in Christus gesterf het, verlore.

¹⁹As ons net vir hierdie lewe ons hoop op Christus vestig, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.

²⁰Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het.

²¹Aangesien die dood deur 'n mens gekom het, het die opstanding van die dooies ook deur 'n mens gekom.

²²Net soos almal deur hulle verbondenheid met Adam sterf, so sal almal in Christus lewend gemaak word.

²³Maar daar is 'n volgorde: die eersteling is Christus, daarna, by Christus se koms, dié wat aan Hom behoort.

²⁴Daarna kom die einde, wanneer Hy die koningskap aan God die Vader oordra, nadat Hy elke mag, elke gesag en krag vernietig het.

²⁵Hy moet as koning heers totdat die Vader al sy vyande aan Hom onderwerp het.

²⁶Die laaste vyand wat vernietig word, is die dood.

²⁷Daar staan immers geskrywe: “Alles het Hy aan Hom onderwerp.” Maar as die Skrif sê dat alles aan Christus onderwerp is, is dit duidelik dat die Vader wat alles aan Hom onderwerp het, uitgesonder is.

²⁸Wanneer alles dan aan die Seun onderwerp is, sal Hy Hom ook self onderwerp aan die Vader wat alles aan Hom onderwerp het. So sal God alles wees vir alles.

²⁹En nou, as die dooies glad nie opgewek word nie, wat wil die mense bereik wat hulle vir dooies laat doop? Waarom laat hulle hulle nog vir dooies doop?

³⁰En ons ook, waarom stel ons ons dan van uur tot uur aan lewensgevaar bloot?

³¹Elke dag word ek deur die dood bedreig. Ja, broers, dit is waar, net so waar as wat julle my trots is in Christus Jesus, ons Here.

³²As ek hier in Efese as bloot sterflike mens soos teen wilde diere geveg het, wat het ek daarmee bereik? As die dooies nie opgewek word nie, “laat ons eet en drink, want môre sterf ons! ”

³³Moet julle nie langer laat mislei nie: “Slegte geselskap bederf goeie sedes.”

³⁴Kom tot besinning en moenie langer sonde doen nie. Party van julle is sonder kennis van God. Dit sê ek tot julle skande.

Die opstandingsliggaam

³⁵Maar iemand kan vra: Hoe word die dooies opgewek? Watter soort liggaam sal hulle hê?

³⁶Dis 'n dom vraag! Wat jy saai, kom nie tot lewe tensy dit eers sterwe nie.

³⁷En wat jy saai, saai jy nie in die toekomstige gestalte daarvan nie, maar as 'n blote saadkorrel, of dit nou koring is of iets anders.

³⁸Maar God gee 'n gestalte daaraan, soos Hy bepaal het; aan elke saadsoort gee Hy 'n eie gestalte.

³⁹Die vleis van lewende wesens is nie alles eenders nie. Daar is verskil tussen die vleis van mense, van diere, van voëls en van visse.

⁴⁰Daar is hemelliggame en daar is aardse liggame. Die glans van die hemelliggame is anders as dié van die aardse liggame.

⁴¹Die glans van die son is anders as dié van die maan of dié van die sterre. Ook verskil die een ster se glans van dié van die ander.

⁴²So is dit ook met die opstanding van die dooies: wat gesaai word, is verganklik en word in onverganklikheid opgewek;

⁴³wat gesaai word, is gering en word in heerlijkheid opgewek; wat gesaai word, is swak en word in krag opgewek.

⁴⁴'n Natuurlike liggaam word gesaai, 'n geestelike liggaam word opgewek. Aangesien daar 'n natuurlike liggaam is, is daar ook 'n geestelike liggaam.

⁴⁵So staan daar ook geskrywe: “Die eerste mens, Adam, het 'n lewende wese geword.” Die laaste Adam het die lewendmakende Gees geword.

⁴⁶Die geestelike kom nie eerste nie maar die natuurlike, en daarna die geestelike.

⁴⁷Die eerste mens is uit die aarde en is stoflik; die tweede mens is uit die hemel.

⁴⁸Soos die stoflike mens was, so is ook die stoflike mense; en soos die hemelse mens is, so is ook die hemelse mense.

⁴⁹Soos ons die beeld van die stoflike mens was, sal ons ook die beeld van die hemelse wees.

⁵⁰Wat ek bedoel, broers, is dit: vlees en bloed kan nie aan die koninkryk van God deel kry nie. Die verganklike kan nie aan die onverganklike deel kry nie.

⁵¹Kyk, ek maak 'n geheimenis aan julle bekend: Ons sal nie almal sterwe nie, maar ons sal almal verander word.

⁵²By die laaste trompet sal dit in 'n oomblik, in 'n oogknip gebeur, want die trompet sal weerklink, en die dooies sal as onverganklikes opgewek word, en ons sal verander word.

⁵³Hierdie verganklike liggaam moet met die onverganklike bekleed word, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike.

⁵⁴En wanneer hierdie verganklike liggaam met die onverganklike bekleed is, en hierdie sterflike liggaam met die onsterflike, dan sal die woord wat geskrywe staan, vervul word: “Die dood is vernietig, die oorwinning is behaal.”

⁵⁵“Dood, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel? ”

⁵⁶Die angel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God.

⁵⁷Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.

⁵⁸Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in die werk van die Here, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie.

1 Korintiërs 16

Die kollekte vir Jerusalem

¹Wat die kollekte vir die gelowiges in Jerusalem betref, moet julle ook maak soos ek dit in die gemeentes van Galasië gereël het.

²Elke Sondag moet elkeen van julle na sy vermoë tuis iets opsy sit en dit opspaar, sodat die geldinsameling nie eers plaasvind as ek kom nie.

³Wanneer ek dan gekom het, sal ek die manne wat julle daarvoor goedkeur, met briewe stuur om julle liefdegawe na Jerusalem toe weg te bring.

⁴En as dit nodig is dat ek self ook gaan, kan hulle met my saamreis.

Paulus se reisplanne

⁵Ek sal na julle toe kom nadat ek deur Masedonië gereis het, want ek gaan deur Masedonië.

⁶By julle sal ek moontlik oorbly of selfs die winter deurbring, dan kan julle my voorthelp op my verdere reis, waarheen dit ook al mag wees.

⁷Ek wil julle nou nie net in die verbygaan besoek nie, maar ek hoop om 'n tydjie by julle deur te bring, as die Here dit toelaat.

⁸Ek sal egter tot pinkster in Efese bly,

⁹want hier staan 'n groot en belangrike deur vir my oop, maar hier is ook baie teenstanders.

¹⁰Wanneer Timoteus kom, moet julle hom by julle laat tuis voel, want net soos ek, doen hy ook die werk van die Here.

¹¹Niemand moet op hom neersien nie. Julle moet hom help om sy reis in vrede voort te sit sodat hy na my toe kan kom. Ek verwag hom saam met die ander broers.

¹²Wat die broer Apollos betref, ek het hom herhaaldelik versoek om saam met die broers na julle toe te gaan, maar hy wou beslis nie nou nie. Hy sal gaan sodra die tyd vir hom geleë is.

Laaste versoek en groete

¹³Wees waaksaam, staan vas in die geloof, wees manmoedig, wees sterk!

¹⁴Laat alles by julle in liefde geskied.

¹⁵Ek het nog 'n versoek aan julle, broers: julle weet van Stefanus en sy huisgesin, wat die eerste bekeerlinge in Agaje was, dat hulle hulle tot diens van die gelowiges gestel het.

¹⁶Stel julle onder die leiding van sulke mense en van elkeen wat saam met hulle werk en arbei.

¹⁷Ek verbly my oor die aankoms van Stefanus, Fortunatus en Agaïkus, want hulle het vir my die gemis aan julle vergoed.

¹⁸Hulle het my gees verkwik en ook julle s'n. Wees erkentlik teenoor sulke manne.

¹⁹Die gemeentes van die provinsie Asië stuur vir julle groete. Van Akwila en Priscilla en ook van die gemeente wat gereeld in hulle huis bymekaarkom: baie groete in die Here.

²⁰Al die broers stuur vir julle groete. Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap.

²¹Nou skryf ek met my eie hand: Groete, Paulus.

²²As iemand die Here nie liefhet nie — vervloek is hy! Marana ta — kom, Here!

²³Die genade van die Here Jesus sal by julle wees!

²⁴My liefde is by julle almal in Christus Jesus.

2 Korintiërs

2 Korintiërs 1

¹Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus. Aan die gemeente van God in Korinte en aan almal wat aan die Here behoort in die hele Agaje.

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Danksegging na 'n moeilike tyd

³Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy is die Vader wat Hom ontferm en die God wat in elke omstandigheid moed gee.

⁴In elke moeilikheid bemoedig Hy ons. Daarom kan ons ook ander bemoedig wat in allerlei moeilikhede verkeer. Ons kan hulle bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig,

⁵want net soos daar vir ons 'n oorvloed van lyding is ter wille van Christus, is daar ook vir ons 'n oorvloed van bemoediging deur Christus.

⁶As ons dus in beproewing kom, is dit dat julle bemoedig en gered kan word. As ons bemoedig word, is dit om julle te bemoedig en te versterk, sodat julle met geduld dieselfde lyding kan verduur wat ons ook verduur.

⁷En wat julle betref, het ons 'n vaste verwagting: ons weet dat net soos julle saam met ons deel het aan die lyding, julle ook aan die bemoediging deel het.

⁸Ons wil hê, broers, dat julle moet weet van die moeilikhede wat ons in die provinsie Asië ondervind het. Die swaar wat ons moes verduur, het ver bo ons kragte gegaan, sodat ons selfs die hoop om te bly lewe, laat vaar het.

⁹Trouens, dit het vir ons gevoel asof die doodvonnis klaar oor ons uitgespreek is. Maar dit het gebeur, sodat ons nie op onself sou vertrou nie, maar op God wat die dooies opwek tot die lewe.

¹⁰Dit is Hy wat ons uit so 'n groot doodsgevaar gered het en ons weer sal red. Op Hom is ons hoop gevestig: Hy sal ons ook verder red.

¹¹Daartoe werk julle mee deur vir ons te bid. So sal die gebede van baie 'n seën van God vir ons bring, en dan sal baie Hom vir ons dank.

Die verandering van Paulus se reisplan

¹²Daar is een ding waarop ons trots is: ons gewete verseker ons dat ons oor die algemeen, en teenoor julle in die besonder, opgetree het met die openhartigheid en eerlikheid wat van God kom. Daarin is ons nie deur die wysheid van mense gelei nie, maar deur die genade van God.

¹³In ons briewe skryf ons aan julle niks wat julle nie self kan lees en verstaan nie. Ek hoop net julle sal ons eendag heeltemal verstaan.

¹⁴Tot nou toe het julle ons maar gedeeltelik verstaan. Op die dag wanneer ons Here Jesus kom, sal julle dan net so trots op ons wees soos ons op julle.

¹⁵Dit was in hierdie oortuiging dat ek vroeër die plan gemaak het om julle te besoek, sodat julle twee keer 'n bewys van genade kon ontvang.

¹⁶Ek wou julle op die deurreis na Masedonië toe besoek en weer op die terugreis van Masedonië af, en dan met julle hulp my reis voortsit na Judea toe.

¹⁷Was ek miskien oorhaastig toe ek hierdie plan gemaak het? Of word ek deur menslike oorwegings gelei as ek planne maak, sodat ek in een asem “ja” en “nee” sê?

¹⁸So seker as God getrou is, ons woord aan julle was nie tegelyk “ja” en “nee” nie,

¹⁹want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie “ja” en “nee” tegelyk nie. Hy is die “ja” van God,

²⁰die “ja” op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop “Amen” sê.

²¹God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder,

²²ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang.

²³Ek roep God tot getuie en staan met my lewe daarvoor in: dit was om julle te spaar dat ek toe nie na Korinte toe gekom het nie.

²⁴Ons wil nie as heersers voorskryf wat julle moet glo nie. Julle staan immers vas in die geloof. Maar ons wil medewerkers wees om julle geluk te bevorder.

2 Korintiërs 2

¹Daarom het ek besluit ek kom nie weer na julle toe as my besoek op droefheid uitloop nie,

²want as ek julle hartseer maak, wie bly dan oor om my op te beur, behalwe dié wat ek hartseer gemaak het?

³Dit is waarom ek liewer aan julle geskrywe het. Ek wou nie daar kom en hartseer gemaak word deur mense wat my gelukkig moes gemaak het nie, want ek is seker daarvan dat julle almal gelukkig is as ek gelukkig is.

⁴Ja, met groot bekommernis en beklemming van hart, en onder baie trane, het ek aan julle geskrywe. Dit was nie om julle hartseer te maak nie, maar om julle te laat besef dat ek julle baie lief het.

Vergifnis vir die oortreder

⁵As iemand droefheid veroorsaak het, is dit nie vir my wat hy hartseer maak nie, maar vir julle almal, of, om nie te oordryf nie, ten minste 'n deel van julle.

⁶Vir so iemand is die bestraffing deur die meerderheid swaar genoeg.

⁷Nou moet julle so iemand liewer vergewe en bemoedig, anders kan hy so hartseer word dat hy heeltemal moed verloor.

⁸Daarom vra ek julle: Bewys liefde aan hom.

⁹Toe ek geskryf het, was dit juis om te wete te kom of julle aan my getrou gebly het en in alles gehoorsaam is.

¹⁰As julle hom iets vergewe, vergewe ek hom ook. Wat my betref, as ek iets moes vergewe, het ek dit klaar gedoen om julle ontwil. Daarvan is Christus my getuie.

¹¹Die Satan moet nie die oorhand oor ons kry nie. Ons ken sy planne maar alte goed.

Die triomf van die evangelie

¹²Toe ek in Troas gekom het om die evangelie van Christus daar te verkondig, het die Here die deure vir my wyd oopgemaak.

¹³Tog het ek nie gemoedsrus gehad nie, omdat ek my broer Titus nie daar gekry het nie. Daarom het ek van die mense daar afskeid geneem en Masedonië toe vertrek.

¹⁴Maar aan God die dank! Hy voer ons altyd saam in sy triomftog omdat ons een is met Christus. Deur ons versprei Hy die kennis van Christus oral soos 'n aangename geur.

¹⁵Ons is die wierook wat deur Christus vir God gebrand word, waarvan die geur dié bereik wat gered word, sowel as dié wat verlore gaan.

¹⁶Vir dié wat verlore gaan, is dit 'n doodstreuk wat dood bring; vir dié wat gered word, is dit 'n lewensgeur wat lewe wek. En wie is tot sulke dinge in staat?

¹⁷Ons, omdat ons nie is soos baie ander wat geld maak uit die woord van God nie. Ons verkondig die woord in opregtheid, in verbondenheid met Christus, in opdrag van God en in verantwoordelikheid aan God.

2 Korintiërs 3

Bedienaars van 'n nuwe verbond

¹Begin ons weer onself aanprys? Of het ons miskien, soos party ander mense, aanbevelingsbriewe aan julle of van julle nodig?

²Julle is self ons aanbevelingsbrief, geskryf op ons harte, vir almal om te lees en te verstaan.

³Dit is tog duidelik dat julle 'n brief van Christus is, deur ons diens geskrywe, nie met ink nie, maar met die Gees van die lewende God, nie op klip nie, maar op die harte van mense.

⁴Ons sê dit omdat ons deur Christus ten volle op God vertrou.

⁵Uit onself is ons nie in staat om iets te bedink asof dit uit onself kom nie. Ons bekwaamheid kom van God,

⁶wat ons bekwaam gemaak het om bedienaars van 'n nuwe verbond te wees, nie van die letter nie, maar van die Gees. Die letter maak dood, die Gees maak lewend.

⁷Die wet wat in letters op klip gegraveer is, het in heerlijkheid gekom. Hierdie heerlijkheid, wat tog gou sou verdwyn, het op die gesig van Moses so geskitter dat die Israeliete nie na hom kon bly kyk nie. As die bediening wat tot die dood lei, met soveel heerlijkheid gekom het,

⁸hoeveel groter sal die heerlijkheid van die bediening wat deur die Gees geskied, dan nie wees nie?

⁹Die bediening waardeur die mense veroordeel word, het met heerlijkheid gekom, maar die bediening waardeur die mense vrygespreek word, oortref dit verreweg in heerlijkheid.

¹⁰Ons kan sê dat die heerlijkheid van vroeër nie te vergelyk is met die alles oortreffende heerlijkheid van nou nie.

¹¹As wat aan die verbygaan was, van heerlijkheid gestraal het, veel meer nog sal die blywende van heerlijkheid skitter.

¹²Omdat ons hoop hierop gevestig is, tree ons met groot vrymoedigheid op.

¹³Ons is nie soos Moses wat sy gesig met 'n sluier toegemaak het nie. Dit moes hy doen om te verhinder dat die volk van Israel sou sien dat die ligglans aan die verdwyn was.

¹⁴Hulle verstand was ook toe, en vandag nog bly hulle verstand met dieselfde sluier toegemaak as hulle die Ou Testament lees, maar die sluier word deur Christus weggeneem vir iemand wat in Hom glo.

¹⁵Maar vandag nog, elke keer as die wet van Moses voorgelees word, is daar 'n sluier oor hulle verstand.

¹⁶Van Moses sê die Skrif egter: “Elke keer as hy hom na die Here wend, word die sluier weggeneem.”

¹⁷“Die Here” beteken hier “die Gees” en waar die Gees van die Here is, is daar vryheid.

¹⁸Ons almal weerspieël die heerlijkheid van die Here, want die sluier is van ons gesig af weggeneem. Ons word al meer verander om aan die beeld van Christus gelyk te word. Die heerlijkheid wat van ons uitstraal, neem steeds toe. Dit doen die Here wat die Gees is.

2 Korintiërs 4

Die apostels verkondig Jesus Christus, die Here

¹God het Hom oor ons ontferm en hierdie bediening aan ons opgedra. Daarom word ons nie moedeloos nie.

²Ons vermy praktyke wat nie die lig kan verdra nie en waaroor ons ons sou moes skaam. Ons gaan nie met bedrog te werk nie en ons vervals nie die woord van God nie. Inteendeel, ons maak die waarheid openlik bekend en beveel onself so aan by elkeen wat voor God 'n eerlike gewete het.

³As die evangelie wat ons verkondig, tog nog met 'n sluier bedek is, is dit bedek net vir dié wat verlore gaan.

⁴Hulle is die ongelowiges wie se verstand deur die god van hierdie wêreld verblind is, sodat hulle die lig van die evangelie nie kan sien nie. Dit is die evangelie van die heerlijkheid van Christus, wat die beeld van God is.

⁵Ons verkondig nie onself nie, maar Jesus Christus as die Here, en onself as julle dienaars ter wille van Jesus.

⁶God wat gesê het: “Laat daar lig skyn uit die duisternis,” het ook in ons harte 'n lig laat skyn om ons te verlig met die kennis van die heerlijkheid van God, wat van Jesus Christus uitstraal.

'n Skat in kleipotte

⁷Ons wat hierdie skat in ons het, is maar kleipotte wat maklik breek; die krag wat alles oortref, kom dus van God, nie van ons nie.

⁸In alles word ons verdruk, maar ons is nie terneergedruk nie; ons is oor raad verleë, maar nie radeloos nie;

⁹ons word vervolg, maar nie deur God verlaat nie, op die grond neergegooi, maar nie vernietig nie.

¹⁰Die sterwe van Jesus dra ons altyd saam in ons liggaam, sodat ook die lewe van Jesus sigbaar kan word in ons liggaam.

¹¹Voortdurend word ons wat lewe, ter wille van Jesus uitgelewer aan die dood, sodat ook in ons sterflike bestaan die lewe van Jesus sigbaar kan word.

¹²Dit beteken dat in ons die dood aan die werk is, maar in julle die lewe.

¹³Daar staan in die Skrif: “Ek het geglo, daarom het ek gepraat.” Ons het dieselfde Gees wat die geloof wek, en ons glo, daarom praat ons ook.

¹⁴Ons weet immers dat God, wat die Here Jesus uit die dood opgewek het, ons ook saam met Jesus sal opwek en ons saam met julle voor sy troon sal stel.

¹⁵Ons doen dit alles om julle ontwil, sodat die genade van God steeds meer mense kan bereik. Dan word die dankgebede ook meer, en God ontvang die eer.

Lewe deur die geloof

¹⁶Om hierdie rede word ons nie moedeloos nie. Al is ons uiterlik besig om te vergaan, innerlik word ons van dag tot dag vernuwe.

¹⁷Ons swaarkry in hierdie lewe is maar gering en gaan verby, maar dit loop vir ons uit op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref en wat ewig bly.

¹⁸Ons oog is nie op die sigbare dinge gerig nie, maar op die onsigbare; want die sigbare dinge is tydelik, maar die onsigbare ewig.

2 Korintiërs 5

¹Ons weet dat, wanneer ons aardse woning wat maar 'n tent is, afgebreek word, ons 'n vaste gebou in die hemel het. Dit is 'n woning wat nie deur mense gemaak is nie, maar deur God, en dit bly ewig staan.

²Terwyl ons in die tentwoning leef, sug ons, want ons verlang daarna dat ons woning uit die hemel ons sal oordek.

³Ons wil nie ontklee wees en naak voor God staan nie.

⁴Ons wat nog in die tentwoning is, sug en voel bedruk omdat ons nie van die aardse liggaam afstand wil doen nie; ons wil die hemelse bo-oor die aardse aantrek, sodat wat sterflik is, verteer kan word deur die lewe.

⁵Hy wat ons vir hierdie oorgang voorberei het, is God. As waarborg hiervan het Hy ons sy Gees gegee.

⁶Daarom is ons altyd vol moed. Ons weet dat, solank as ons in die liggaam bly, ons nog nie by die Here woon nie,

⁷want ons lewe deur geloof, nie deur sien nie.

⁸Ons is vol moed en sou liever ons verblyf in die liggaam wil verlaat en by die Here gaan woon.

⁹Maar, of ons hier woon of daar woon, ons het net een wens, en dit is om te lewe soos Hy dit wil.

¹⁰Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad.

Die bediening van die versoening

¹¹Ons weet wat dit beteken om die Here te dien. Daarom probeer ons die mense oortuig. God ken ons bedoelings, en ek vertrou dat julle ook van ons bedoelings oortuig is.

¹²Ons prys onself nie opnuut by julle aan nie. Ons gee julle juis eerder aanleiding om trots te wees op ons, sodat julle 'n antwoord kan hê vir dié wat trots is op die uiterlike en nie op die innerlike nie.

¹³As ons in geestesvervoering was, was ons dit vir God; en as ons by ons verstand is, is ons dit vir julle.

¹⁴Die liefde van Christus dring ons, omdat ons tot die insig gekom het dat een vir almal gesterwe het, en dit beteken dat almal gesterwe het.

¹⁵En Hy het vir almal gesterwe, sodat dié wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is.

¹⁶Ons beoordeel dus van nou af niemand meer volgens menslike maatstaf nie. Al het ons Christus vroeër volgens menslike maatstaf beoordeel, nou beoordeel ons Hom nie meer so nie.

¹⁷Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.

¹⁸Dit alles is die werk van God. Hy het ons deur Christus met Homself versoen en aan ons die bediening van die versoening toevertrou.

¹⁹Die boodskap van versoening bestaan daarin dat God deur Christus die wêreld met Homself versoen het en die mense hulle oortredinge nie toereken nie. Die boodskap van versoening het Hy aan ons toevertrou.

²⁰Ons tree dus op as gesante van Christus, en dit is God wat deur ons 'n beroep op julle doen. Ons smeeke julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!

²¹Christus was sonder sonde, maar God het Hom in ons plek as sondaar behandel sodat ons, deur ons eenheid met Christus, deur God vrygespreek kan wees.

2 Korintiërs 6

¹As medewerkers van God doen ons 'n beroep op julle om te sorg dat julle die genade van God nie tevergeefs ontvang het nie.

²Hy sê: “Op die regte tyd het Ek jou gebede verhoor, en op die dag van redding het Ek jou gehelp.” Kyk, nou is dit die regte tyd, nou is dit die dag van redding.

³Ons wil nie hê dat daar met ons bediening fout gevind word nie. Daarom gee ons ook niemand aanleiding tot aanstoot nie,

⁴maar in alles laat ons ons ken as dienaars van God. Dit doen ons met baie geduld in verdrukking, ontbering en nood.

⁵Ons is geslaan, in die tronk gegooi en het in oproere beland; ons het swaar gewerk, nagte sonder slaap deurgemaak en honger gely.

⁶Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde,

⁷deur die woord van die waarheid en deur die krag van God. Ons wapen vir aanval en verdediging is om die wil van God te doen.

⁸Ons ontvang eer en oneer, ons word beledig en geprys. Ons word behandel as verleiers, en tog is ons betroubaar;

⁹as onbekendes, en tog is ons goed bekend; as sterwendes en, soos julle sien, ons lewe; as gestraf, maar ons is nie doodgemaak nie;

¹⁰as bedroefdes, en tog is ons altyd opgeruimd; as armes, maar ons maak baie ander ryk; as mense wat niks het nie, en tog besit ons alles.

¹¹Ons het openhartig met julle gepraat, Korintiërs. Ons harte is vir julle wyd oop.

¹²Ons het nie ons harte vir julle gesluit nie; julle het julle harte vir ons gesluit.

¹³Ek praat met julle as my kinders. Doen aan ons wat ons aan julle gedoen het: maak julle harte ook wyd oop!

Vermaning teen heidense invloed

¹⁴Moenie met ongelowiges in dieselfde juk trek nie. Hoe kan daar vennootskap wees tussen reg en onreg? Hoe kan daar gemeenskap wees tussen lig en duisternis?

¹⁵Hoe kan daar eenstemmigheid wees tussen Christus en Belial? Hoe kan 'n gelowige dieselfde belange hê as 'n ongelowige?

¹⁶Hoe kan 'n ooreenkoms tot stand kom tussen die tempel van God en afgode? Ons is immers die tempel van die lewende God. Dit is soos God gesê het: “Ek sal onder hulle woon en wandel, en Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees.”

¹⁷Daarom: “Gaan van hulle af weg en sonder julle af,” sê die Here, “en moenie wat onrein is, aanraak nie.” “Dan sal Ek julle aanneem,

¹⁸en Ek sal vir julle 'n Vader wees, en julle sal vir My seuns en dogters wees,” sê die Here, die Almagtige.

2 Korintiërs 7

¹Geliefdes, hierdie beloftes is ook vir ons. Laat ons ons dan reinig van alles wat liggaam en gees verontreinig, en ons in gehoorsaamheid aan God volkome aan Hom toewy.

Paulus se blydschap oor die koms van Titus en oor goeie berigte

²Maak vir ons plek in julle harte. Ons het niemand onreg aangedoen nie, ons het niemand benadeel nie, ons het niemand uitgebuit nie.

³Ek sê dit nie om julle te beskuldig nie; ek het tog al vantevore gesê dat julle in ons harte is om mee saam te lewe en te sterwe.

⁴Ek is baie openhartig met julle; ek is ook baie trots op julle. In al ons sorges is ek vol moed en oorstelp van blydschap.

⁵Toe ons in Masedonië gekom het, het ons geen rus of duurte gehad nie. Van alle kante was daar druk op ons: van buite onenigheid, van binne sorges.

⁶Maar God wat die neerslagtiges opbeur, het ons ook opgebeur deur die koms van Titus,

⁷en nie net deur sy koms nie, maar ook omdat julle hom opgebeur het. Hy het vertel van julle begeerte om ons te sien, en dat julle jammer is oor wat gebeur het en my nou ywerig verdedig. Dit alles het my nog blyer gemaak.

⁸Al het ek julle ook deur my brief hartseer gemaak, is ek nou nie daaroor jammer nie. Miskien was ek tog jammer toe ek sien dat daardie brief julle hartseer gemaak het, al was dit net vir 'n kort rukkie.

⁹Nou is ek egter bly, nie omdat ek julle hartseer gemaak het nie, maar omdat ek julle so hartseer gemaak het dat julle tot inkeer gekom het. Julle was immers hartseer soos God dit wou hê. Ons het julle dus in geen opsig benadeel nie,

¹⁰want droefheid volgens die wil van God bring bekering wat tot redding lei, en daaroor was niemand nog ooit jammer nie. Daarteenoor bring droefheid uit wêreldse oorwegings die dood.

¹¹Kyk net wat die ervaring van droefheid volgens die wil van God aan julle gedoen het. Nou is daar by julle erns; meer nog, daar is verantwoording, verontwaardiging, ontsag, verlange, ywer en bestraffing van die kwaad. In elke opsig het julle bewys dat julle in hierdie saak onskuldig is.

¹²Dus, al het ek so aan julle geskrywe, was dit nie omdat iemand onreg gepleeg of onreg gely het nie. Inteendeel, ek wou hê dat julle voor God tot die besef moes kom van hoeveel julle vir ons omgee.

¹³Juis daarom is ons nou so bly. Ons is nie net bemoedig nie, maar ook besonder bly dat Titus so gelukkig is: julle almal het hom gemoedsrus gegee.

¹⁴Ek het by hom 'n bietjie met julle gespog, en julle het my nie teleurgestel nie. Soos ons altyd die waarheid met julle gepraat het, so blyk dit nou dat dit ook die waarheid was toe ons by Titus met julle gespog het.

¹⁵En sy toegeneentheid teenoor julle word al sterker as hy daaraan dink hoe julle almal gehoorsaam was en hoe julle hom met eerbied en ontsag ontvang het.

¹⁶Ek is baie bly dat ek in elke opsig op julle kan reken.

2 Korintiërs 8

Die Christelike vrygewigheid

¹Broers, ons wil hê julle moet weet van die genade wat die gemeentes in Masedonië van God ontvang het.

²Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydschap was oorvloedig; en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid.

³Ek verseker julle hulle het na vermoë, ja, bo vermoë, bygedra.

⁴Uit eie beweging het hulle by ons daarop aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea.

⁵Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil.

⁶Daarom het ons vir Titus versoek om hierdie liefdeswerk, waarmee hy vroeër by julle begin het, nou ook te voltooi.

⁷Aangesien julle alles in oorvloed het: geloof, die gawe om julle woord te doen, kennis van God, onbeperkte ywer en ons liefde vir julle, wees dan ook in hierdie liefdeswerk oorvloedig.

⁸Ek gee nie 'n opdrag nie, maar ek wys julle op die ywer van ander om daardeur die opregtheid van julle liefde te toets.

⁹Julle ken die genade van ons Here Jesus Christus: hoewel Hy ryk was, het Hy ter wille van julle arm geword, sodat julle deur sy armoede ryk kon word.

¹⁰Nou wil ek julle net raad gee om julle te help. Julle was verlede jaar nie alleen die eerste wat iets gedoen het nie, julle was ook die eerste wat gewillig was om iets te doen.

¹¹Maak die werk nou ook klaar. Die ywer om uit julle beskikbare middele die insameling af te handel, moet net so groot wees as die gewilligheid waarmee julle dit begin het.

¹²As die goeie wil daar is en iemand gee volgens wat hy het, neem God die gawe aan. Hy verwag nie van hom wat hy nie het nie.

¹³Ek bedoel nie dat julle gebrek moet ly om ander te kan help nie; maar sodat daar ewewig sal wees,

¹⁴moet julle wat nou oorvloed het, dié help wat gebrek ly. Dan, as hulle weer oorvloed het en julle gebrek ly, kan hulle julle weer help. So kom daar ewewig.

¹⁵Daar staan ook geskrywe: “Dié met baie, het nie te veel gehad nie, en dié met 'n bietjie, nie te min nie.”

Die sending van Titus

¹⁶Ons dank God dat Hy Titus net so ywerig gemaak het om julle te help as wat ons is.

¹⁷Hy het nie net ons versoek verwelkom nie, maar in sy groot ywer ook uit eie beweging na julle toe vertrek.

¹⁸Saam met hom stuur ons die broer wat in al die gemeentes geprys word vir sy bevordering van die evangelie.

¹⁹Afgesien daarvan is die broer ook deur die gemeentes gekies om met ons saam te reis as ons die liefdeswerk uitvoer wat ons onderneem het. Ons doen dit tot eer van die Here en as teken van ons hulpvaardigheid.

²⁰Op hierdie manier voorkom ons dat enigiemand ons dalk sou verdink in verband met so 'n groot som geld wat ons moet wegbring.

²¹Ons is daarop gesteld om korrek op te tree, nie alleen voor die Here nie, maar ook voor die mense.

²²Saam met hulle stuur ons ook ons ander broer. Ons het hom baiekeer en op baie maniere op die proef gestel en gevind dat hy ywerig is om te help. Nou is hy nog yweriger omdat hy baie vertrou in julle het.

²³Wat Titus betref, hy is my kollega en medewerker in julle belang. Wat ons broers betref, hulle is afgevaardigdes van die gemeentes en 'n eer vir Christus.

²⁴Bewys aan hulle julle liefde sodat al die gemeentes dit kan sien en kan weet dat ons tereg op julle trots is.

2 Korintiërs 9

Hulpverlening aan die gelowiges

¹Eintlik is dit oorbodig dat ek aan julle skrywe oor die hulpverlening aan die gelowiges in Judea.

²Ek weet dat julle graag wil help, en ek het al by die Masedoniërs met lof oor julle gepraat. “Agaje,” het ek gesê, “is al 'n jaar lank reg om te help.” Julle ywer het ook die meeste ander aangespoor.

³Nou stuur ek hierdie broers sodat ons woorde van lof oor julle in hierdie aangeleentheid nie leë woorde sal wees nie. Ons wil hê dat, soos ons die ander vertel het, julle klaar reg sal wees om te help.

⁴Anders, as daar Masedoniërs saam met my kom en hulle sien julle is nog nie gereed nie, sal ons ons skaam oor ons vertrouwe in julle — om nie eens te praat van julle eie skaamkry nie.

⁵Daarom het ek dit noodsaaklik geag om die broers aan te spoor om vooruit na julle toe te gaan. Hulle moet die dankoffer wat julle vroeër beloof het, vooraf in orde bring. Dan sal dit daar gereed wees as 'n werklike offer van dankbaarheid, en nie as iets wat afgepers is nie.

⁶Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes.

⁷Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief.

⁸En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk.

⁹Daar staan ook geskrywe: “Hy deel uit en gee aan die armes; hy bly altyd vrygewig.”

¹⁰God wat saad verskaf om te saai en brood om te eet, sal ook aan julle saad gee en dit laat groei en julle vrygewigheid 'n ryk oes laat oplewer.

¹¹Hy maak julle altyd in alles ryk genoeg om by elke geleentheid vrygewig te kan wees. Deur ons bemiddeling het julle vrygewigheid tot gevolg dat God gedank word,

¹²want die bediening van hierdie hulpbetoon voorsien nie alleen in die behoeftes van die gelowiges in Judea nie, maar bring ook oorvloedige dankbaarheid teenoor God mee.

¹³Deur hierdie duidelike bewys van julle bereidheid om te dien, sal daar baie wees wat aan God eer toebring. Hulle sal Hom prys oor julle gehoorsaamheid aan die evangelie van Christus wat julle bely, en oor julle opregte mededeelsaamheid teenoor hulle en teenoor al die ander.

¹⁴Hulle sal ook vir julle bid en met verlange aan julle dink, omdat die genade van God oor julle so oorvloedig was.

¹⁵Ons dank God vir sy onuitspreeklike gawe.

2 Korintiërs 10

Paulus verdedig sy apostoliese gesag

¹Ek, Paulus, doen 'n persoonlike beroep op julle — ek, wat mos “gedwee” is as ek by julle is, maar “manhaftig” teenoor julle as ek van julle af weg is. In die Naam van Christus, wat nederig en vriendelik is, vra ek julle:

²Moet my nie dwing om streng te wees as ek kom nie. Ek is seker ek kan my veroorloof om streng op te tree teenoor dié wat ons daarvan beskuldig dat ons uit menslike oorwegings handel.

³Natuurlik leef ons in 'n menslike liggaam, maar ons voer nie die stryd met menslike wapens nie.

⁴Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies

⁵en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak.

⁶Ons is ook gereed om met elke ongehoorsaamheid af te reken sodra julle eie gehoorsaamheid volkome is.

⁷Julle kyk net na een kant van die saak. As iemand dan so vas oortuig is dat hy aan Christus behoort, moet hy onthou: ons behoort net soos hy ook aan Christus.

⁸Al het ek my miskien 'n bietjie te veel beroem op daardie bevoegdhede wat die Here my gegee het, sal ek nie beskaamd daarvan afkom nie. Die Here het aan ons die bevoegdheid gegee om julle op te bou, nie om julle af te breek nie.

⁹Daarom wil ek nie die skyn wek dat ek julle met my briewe probeer bang maak nie.

¹⁰Daar word mos gesê: “Sy briewe is wel ernstig en streng, maar as hy self by ons is, is hy mak en beteken sy woorde niks.”

¹¹Die man wat so praat, moet weet dat daar geen verskil is tussen wat ons in briewe skrywe as ons van julle af weg is, en wat ons doen as ons by julle is nie.

¹²Ons waag dit natuurlik nie om ons op een lyn te stel of te vergelyk met sekere mense wat so 'n danige dunk van hulleself het nie. Hulle is dom: hulle meet hulleself aan hulle eie maatstaf en vergelyk hulleself met hulleself.

¹³Maar wat ons betref, ons sal met ons roem nie buite die perke gaan nie. Ons bly binne die perke van die werkkring wat God aan ons toegemeet het. Julle val ook binne daardie perke.

¹⁴Dus het ons nie ons perke oorskry deur tot by julle te kom nie. Ons het immers vroeër al tot by julle gekom met die evangelie van Christus.

¹⁵Deur op julle te roem, gaan ons dus nie die perke te buite nie, want dit is nie ander mense se werk waarop ons roem nie. Ons hoop dat julle geloof sal toeneem en dat ons dan onder julle nog meer sal hê om op te roem, steeds binne die perke van ons werkkring.

¹⁶Dan sal ons die evangelie ook in streke anderkant julle kan verkondig sonder om te roem op werk wat tot stand gebring is in die werkkring van iemand anders.

¹⁷Maar die Skrif sê: “Hy wat roem, moet in die Here roem.”

¹⁸Die man wat die proef deurstaan het, is nie die een wat homself prys nie, maar die een wat deur die Here geprys word.

2 Korintiërs 11

Paulus en die vals apostels

¹Nou wil ek hê julle moet 'n bietjie dwaasheid van my kant verdra! Ja, verdra my maar!

²Ek waak oor julle met 'n ywer wat van God kom, want julle is soos 'n jongmeisie wat ek aan een man toegesê het as sy bruid en wat ek vlekkeloos na hom toe wil bring. Die man is Christus.

³Maar ek is bang dat julle gedagtes weggelei sal word van die onverdeelde en suiwere toewyding aan Christus, net soos Eva verlei is deur die listigheid van die slang.

⁴Ek sê dit omdat julle so maklik daarmee genoeg neem as iemand 'n ander Jesus kom verkondig as wat ons verkondig het, en julle neem net so maklik 'n ander gees en 'n ander evangelie aan as dié wat julle van ons ontvang het.

⁵Ek reken dat ek niks agterstaan by julle danige apostels nie.

⁶Al is ons miskien nie sulke gladde sprekers nie, in die kennis staan ons nie agter nie. Dit het ons julle tog by elke geleentheid en in alle opsigte laat sien.

⁷Sonder vergoeding het ek die evangelie van God aan julle verkondig. Ek het my verneder sodat julle opgehef kon word. Was dit miskien verkeerd van my?

⁸Om julle te bedien, het ek van ander gemeentes vergoeding aangeneem en hulle as 't ware so beroof.

⁹Toe ek by julle was en geld kortgekom het, het ek niemand lastig geval nie, want die broers wat van Masedonië af gekom het, het ruim in my behoeftes voorsien. Ek het gesorg en sal ook verder sorg dat ek in geen opsig vir julle 'n las word nie.

¹⁰Hierop is ek trots, en so seker as die waarheid van Christus in my is, sal niemand in die hele Agaje my dit ontnem nie.

¹¹Waarom nie? Omdat ek julle nie liefhet nie? God weet ek het julle lief.

¹²Soos ek nou maak, sal ek voortgaan om te maak. Daarmee sal ek vir dié mense wat 'n aanleiding soek om te roem dat hulle net sulke apostels soos ons is, elke aanleiding daartoe ontnem.

¹³Sulke mense is vals apostels; hulle gaan oneerlik te werk deur voor te gee dat hulle apostels van Christus is.

¹⁴En geen wonder nie! Satan self doen hom voor as 'n engel van die lig.

¹⁵Daarom is dit ook nie snaaks dat sy dienaars hulle voordoen as mense wat die wil van God doen nie. Aan die einde sal hulle kry wat hulle vir hulle dade verdien.

Paulus se ontberings as apostel

¹⁶Ek herhaal: Niemand moet dink dat ek 'n dwaas is nie. Of anders, beskou my maar as 'n dwaas en laat my ook 'n bietjie grootpraat.

¹⁷Wat ek nou sê, kom nie van die Here nie. Nee, in hierdie aangeleentheid praat ek werklik soos 'n dwaas, in die oortuiging dat ek grond het om te roem.

¹⁸Aangesien daar baie is wat op suiwer menslike gronde grootpraat, sal ek ook grootpraat.

¹⁹Julle wat so verstandig is, verdra mos geredelik die dwaas.

²⁰Julle verdra dit as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle uit die hoogte behandel, as iemand julle in die gesig klap.

²¹Laat my dan maar tot my skande erken dat ons vir sulke dinge te swak was! Nou praat ek soos 'n dwaas: enigiets waarop iemand aanspraak maak om te roem, daarop kan ek ook roem.

²²Is hulle Hebreërs? Ek ook. Is hulle Israeliete? Ek ook. Stam hulle van Abraham af? Ek ook.

²³Is hulle dienaars van Christus? En nou praat ek asof ek van my verstand af is: ek nog meer! Ek het harder gewerk, ek was meer in die tronk, ek is meer dikwels geslaan, ek was dikwels in doodsgevaar.

²⁴Vyf maal het ek van die Jode die gebruikelike straf van nege en dertig houe gekry,

²⁵drie maal het ek lyfstraf gekry, en een maal is ek met klippe gegooi. Drie maal het ek skipbreuk gely en een maal het ek 'n dag en 'n nag in die oop see deurgebring.

²⁶Ek was dikwels op reis en in gevaar: daar was gevare van riviere, gevare van rowers, gevare van my volksgenote en gevare van heidene; gevare in die stad en gevare in die veld; gevare op see en gevare onder vals broers.

²⁷Daar was vir my harde werk en swaarkry, dikwels nagte sonder slaap, dikwels honger en dors; en dikwels was ek sonder kos, sonder skuiling of bedekking teen die koue.

²⁸Behalwe dit alles was daar nog die daaglikse bekommernisse, die besorgdheid oor al die gemeentes.

²⁹As iemand swak is, voel ek asof ek self ook swak is; as iemand in sonde val, voel ek asof ek ook deur vuur gaan.

³⁰As daar dan geroem moet word, sal ek roem, maar dan oor my swakhede.

³¹Die God en Vader van die Here Jesus weet dat ek nie lieg nie. Aan Hom kom die lof toe tot in ewigheid!

³²Toe ek in Damaskus was, het die verteenwoordiger van koning Aretas die stad laat bewaak om my te vang.

³³Maar deur 'n venster in die muur is ek in 'n mandjie laat afsak en het ek aan sy hande ontkom.

2 Korintiërs 12

Gesigte en openbarings

¹Om te roem, het wel geen sin nie, maar terwyl dit dan nou moet, kom ek by gesigte en openbarings wat die Here gegee het.

²Ek ken 'n man wat aan Christus behoort. Veertien jaar gelede is hy weggeruk tot in die derde hemel. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit.

³⁻⁴Ek weet ook dat hierdie man weggeruk is na die paradys toe. Of dit met die liggaam was of sonder die liggaam, weet ek nie, net God weet dit. Daar het hy woorde gehoor wat 'n mens nie kan of mag uitspreek nie.

⁵Oor hierdie man sal ek roem, maar nie oor myself nie, behalwe oor my swakhede.

⁶Al sou ek wil roem, sal ek tog nie dwaas wees nie, omdat ek die waarheid sal praat. Maar ek weerhou my daarvan omdat ek nie wil hê dat iemand aan my meer moet toeskryf as wat hy my sien doen of my hoor sê nie,

⁷selfs nie vanweë die verhewenheid van die openbarings nie. Daarom, sodat ek nie hoogmoedig sou wees nie, is daar vir my 'n doring in die vlees gegee, 'n boodskapper van Satan om my met vuiste te slaan.

⁸Drie maal het ek die Here gebid dat dit van my af weggeneem moet word.

⁹Sy antwoord was: “My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is.” Daarom sal ek baie liever oor my swakhede roem, sodat die krag van Christus my beskutting kan wees.

¹⁰Daarom is ek bly oor swakhede, beledigings, ontberings, vervolging en moeilikhede ter wille van Christus, want as ek swak is, is ek sterk.

Paulus se besorgdheid oor die gemeente

¹¹Ek het nou soos 'n dwaas opgetree. Julle het my daartoe verplig. Eintlik is dit julle wat in my guns moes gepraat het, want al is ek niks, staan ek niks agter by daardie danige apostels nie.

¹²Die dinge wat 'n apostel kenmerk, het ek met groot geduld by julle verrig: tekens en wonders en kragtige dade.

¹³Waarin is julle swakker behandel as die ander gemeentes, behalwe dat ek persoonlik nie vir julle tot 'n geldelike las was nie? Vergewe my hierdie onreg!

¹⁴Dit is nou die derde keer dat ek gereed is om na julle toe te kom, en ek sal nie vir julle 'n las wees nie: ek soek nie julle geld nie, maar vir julle. Dit is immers nie die kinders wat vir die ouers sorg nie, maar die ouers vir die kinders.

¹⁵Ek sou graag alles wil gee vir julle lewe, ja, ook myself. As ek julle soveel meer liefhet as wat die ander julle het, het julle my dan minder lief as vir hulle?

¹⁶Goed, ek was dus nie vir julle 'n oorlas nie. Maar julle kan dink ek was slim en ek het julle uitoorlê.

¹⁷Het ek myself dan miskien ten koste van julle geldelik bevoordeel deur een van die mense wat ek na julle toe gestuur het?

¹⁸Ek het vir Titus gevra om na julle toe te gaan en die ander broer saamgestuur. Het Titus homself dan geldelik bevoordeel ten koste van julle? Handel hy en ek nie in dieselfde gees nie, en loop ons nie in dieselfde spore nie?

¹⁹Julle dink seker lankal dat ons ons by julle probeer verdedig? Nee, ons praat in verantwoordelikheid aan God en in verbondenheid met Christus. Alles wat ons doen, geliefdes, is in belang van julle geestelike opbou.

²⁰Ek is bang dat, wanneer ek kom, ek julle miskien nie sal vind soos ek dit graag wil hê nie, en dat julle my ook nie sal vind soos julle dit graag wil hê nie. Ek is bang vir twis, naywer, onbeheerstheid, selfsug, kwaadpraterij, nuusdraery, verwaandheid en wanordelikheid.

²¹Ek is ook bang dat wanneer ek weer kom, my God my by julle in verleentheid sal bring en dat ek sal moet treur oor baie van julle wat geruime tyd al 'n sondige lewe lei en wat oor hulle onreinheid, ontug en losbandigheid nie tot berouvolle inkeer gekom het nie.

2 Korintiërs 13

Slotvermanings en groete

¹Dit is nou die derde keer dat ek na julle toe kom. “Deur die getuienis van twee of drie getuies moet elke saak bewys word,” sê die Skrif.

²Aan dié wat vroeër gesondig het en aan al die ander het ek voorheen toe ek by julle was, gesê, en ek sê dit nou weer vooruit terwyl ek nie by julle is nie: As ek nou weer na julle toe kom, sal ek niks en niemand ontsien nie.

³Julle soek mos 'n bewys dat Christus deur my praat. Hy tree nie swak op teenoor julle nie, maar bewys sy krag onder julle,

⁴want al is Hy gekruisig in die swakheid van 'n mens, Hy leef uit die krag van God. En in Hom is ons ook swak, maar saam met Hom sal ons uit die krag van God lewe. Dit sal julle sien.

⁵Stel julleself op die proef en ondersoek julleself of julle in die geloof lewe. Besef julle dan nie self dat Christus Jesus in julle is nie? So nie, het julle die toets nie deurstaan nie.

⁶Ek hoop dan julle weet dat ons wel die toets deurstaan het.

⁷Ons bid God dat julle niks verkeerds doen nie. Dit bid ons, nie dat dit as bewys moet dien dat óns die toets deurstaan het nie. Ons wil hê dat julle die goeie doen, selfs al sou dit lyk asof ons die toets nie deurstaan het nie.

⁸Ons vermag niks teen die waarheid van God nie, maar wel alles vir die waarheid.

⁹Ons is dus bly as ons swak is, as julle maar sterk is. Ons bid ook vir julle geestelike volwassenheid.

¹⁰Daarom skryf ek hierdie dinge terwyl ek nog van julle af weg is, want wanneer ek kom, wil ek nie met die gesag wat die Here aan my gegee het, streng teen julle optree nie. Met dié gesag moet ek opbou, nie afbreek nie.

¹¹Verder, broers, wees bly, streef na die geestelike volwassenheid, aanvaar vermaning, wees eensgesind, leef in vrede. En die God van liefde en vrede sal by julle wees!

¹²Groet mekaar met die soen van Christelike broederskap. Almal wat aan die Here behoort, stuur vir julle groete.

¹³Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees sal by julle almal wees.

Galasiërs

Galasiërs 1

¹⁻²Van Paulus, 'n apostel, en van al die broers wat by my is. Dat ek 'n apostel is, dank ek nie aan mense nie. Ek is ook nie deur 'n mens aangestel nie, maar deur Jesus Christus en deur God die Vader wat Hom uit die dood opgewek het. Aan die gemeentes in Galasië.

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus,

⁴wat Homself vir ons sondes gegee het om ons te verlos uit hierdie goddelose wêreld en so die wil van God ons Vader te volbring.

⁵Aan God kom die heerlikheid toe tot in alle ewigheid! Amen.

Daar is geen ander evangelie nie

⁶Dit verbaas my dat julle so gou van God wat julle deur die genade van Christus geroep het, afvallig word en 'n ander evangelie aanneem.

⁷Daar is geen ander evangelie nie! Tog is daar mense wat die evangelie van Christus probeer verdraai, en dit is hulle wat vir julle in verwarring bring.

⁸Maar al sou een van ons of selfs 'n engel uit die hemel aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat ons aan julle verkondig het — die vloek van God sal hom tref!

⁹Ons het dit voorheen al gesê en ek sê dit nou weer: As iemand aan julle 'n evangelie verkondig wat in stryd is met die evangelie wat julle ontvang het — die vloek van God sal hom tref!

¹⁰Klink dit nou asof ek die guns van mense soek, of soek ek die guns van God? Probeer ek by mense in die guns kom? As ek nog steeds die guns van mense soek, sou ek geen dienaar van Christus wees nie.

Hoe Paulus 'n apostel geword het

¹¹Dit moet julle goed besef, broers: die evangelie wat ek verkondig, is nie deur 'n mens uitgedink nie.

¹²Ek het dit ook nie van 'n mens ontvang of by 'n mens geleer nie. Inteendeel, Jesus Christus het dit in 'n openbaring aan my gegee.

¹³Julle het immers gehoor van my optrede toe ek destyds nog 'n aanhanger van die Joodse leer was. Ek het die kerk van God tot die uiterste vervolg en dit probeer uitroei.

¹⁴En in die Joodse leer het ek onder my volksgenote bo baie van my leeftyd uitgestyg, want ek was 'n fanatieke yweraar vir die oorgelewerde leer van my voorvaders.

¹⁵Maar God het my al voor my geboorte vir Hom afgesonder, en Hy het my in sy genade geroep. Toe Hy in sy goedheid besluit het

¹⁶om sy Seun aan my te openbaar sodat ek die evangelie oor Hom onder die heidennasies sou verkondig, het ek nie dadelik daarna mense geraadpleeg

¹⁷of Jerusalem toe gegaan na dié wat voor my al apostels was nie. Nee, ek is Arabië toe, en daarvandaan het ek teruggekom Damaskus toe.

¹⁸Eers drie jaar later het ek Jerusalem toe gegaan om met Sefas kennis te maak, en ek het twee weke by hom gebly.

¹⁹Van die ander apostels het ek niemand ontmoet nie behalwe Jakobus die broer van die Here.

²⁰Wat ek aan julle skrywe, is nie leuens nie — God is my getuie.

²¹Daarna is ek na Sirië en Silisië toe.

²²Die gemeentes van Christus in Judea het my toe nog nie persoonlik geken nie;

²³hulle het net gehoor: “Die man deur wie ons vroeër vervolg is, verkondig nou die geloof wat hy destyds probeer uitroei het.”

²⁴En hulle het God verheerlik oor my.

Galasiërs 2

Paulus word deur die ander apostels erken

¹Veertien jaar later het ek weer Jerusalem toe gegaan, hierdie keer ek en Barnabas, en ek het vir Titus ook saamgeneem.

²God het dit aan my geopenbaar dat ek moet gaan. Ek het toe die evangelie wat ek onder die heidennasies verkondig, aan die broers daar voorgelê en dit nog afsonderlik met die leiers bespreek. Ek wou sekerheid hê dat ek nie tevergeefs werk of gewerk het nie.

³Hoewel Titus, wat saam met my was, 'n Griek is, is hy nie gedwing om hom te laat besny nie.

⁴Daar was wel sekere mense wat dit wou hê, maar dit was mense wat onder vals voorwendsels in die gemeente ingedring het en hulle as medegelowiges voorgedoen het. Hulle werklike doel was om ons lewe in die vryheid wat Christus Jesus vir ons verwerf het, dop te hou, sodat hulle weer slawe van ons kon maak.

⁵Aan hulle eise het ons egter nie 'n enkele oomblik toegegee nie, sodat die waarheid van die evangelie vir julle gehandhaaf sou word.

⁶Die leiers van die gemeente — wat hulle vroeër was, maak nie vir my saak nie; God kyk nie na 'n mens se uiterlike nie — die leiers van die gemeente het aan die evangelie wat ek verkondig, niks toegevoeg nie.

⁷Intendeel, hulle het ingesien dat die taak aan my toevertrou is om die evangelie aan die nie-Jode te verkondig, net soos dit aan Petrus toevertrou is om die evangelie aan die Jode te verkondig.

⁸Dieselfde God wat van Petrus 'n apostel vir die Jode gemaak het, het van my 'n apostel vir die nie-Jode gemaak.

⁹Toe hulle dan ingesien het dat God my hierdie voorreg gegee het, het Jakobus, Sefas en Johannes, wat beskou is as die pilare van die gemeente, my en Barnabas die regterhand gegee as teken dat ons en hulle medewerkers is. Ons het ooreengekom dat hulle die evangelie aan die Jode sou verkondig, en ons aan die nie-Jode.

¹⁰Al wat hulle gevra het, is dat ons nie die armes onder hulle moet vergeet nie. Ek het my dan ook steeds vir hierdie liefdesdiens beywer.

In Antiogië wys Paulus vir Petrus tereg

¹¹Toe Sefas egter later na Antiogië toe gekom het, het ek my openlik teen hom verset omdat sy optrede duidelik verkeerd was.

¹²Voordat daar van Jakobus se mense aangekom het, het Sefas gewoonweg saam met nie-Joodse gelowiges geëet. Maar toe dié mense daar aankom, het hy hom onttrek en hom eenkant begin hou, omdat hy bang was vir die voorstanders van die besnydenis.

¹³Die ander Joodse gelowiges het ook saam met hom begin huigel, en selfs Barnabas het hom deur hulle huigelary laat meesleep.

¹⁴Toe ek sien dat hulle van die reguit pad van die evangeliese waarheid afwyk, het ek daar voor almal vir Sefas gesê: “Jy is 'n Jood, en jy hou jou nie meer aan die Joodse gebruike nie. As jy self leef asof jy nie 'n Jood is nie, hoe kan jy dan mense wat nooit Jode was nie, wil dwing om te lewe asof hulle Jode is?”

Geregtigheid uit die geloof

¹⁵Ons is Jode van geboorte en nie sondaars uit die heidene nie.

¹⁶En tog weet ons dat 'n mens nie van sonde vrygespreek word deur die wet van Moses te onderhou nie, maar alleen deur in Jesus Christus te glo. Ook ons het tot die geloof in Christus Jesus gekom, en dit is hoe ons vrygespreek is: deur in Christus te glo en nie deur die wet te onderhou nie, want geen mens word vrygespreek op grond daarvan dat hy die wet onderhou nie.

¹⁷As uit ons soeke na vryspraak in Christus geblyk het dat ons ook sondaars is, beteken dit dan dat Christus in diens van die sonde staan? Beslis nie!

¹⁸Maar as ek die bepalings van die wet wat ek nietig verklaar het, weer laat geld, dan maak ek myself daarmee tot 'n oortreder.

¹⁹Maar wat my betref, deur die wet is ek vir die wet dood sodat ek vir God kan lewe: ek is saam met Christus gekruisig,

²⁰en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.

²¹Ek verwerp nie die genade van God nie. As 'n mens vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou, sou dit immers beteken dat Christus verniet gesterwe het.

Galasiërs 3

Die wet of die geloof

¹Julle Galasiërs, is julle dan so sonder begrip? Wie het julle verstand benewel? Jesus Christus is tog so duidelik aan julle verkondig dat julle Hom as 't ware aan die kruis kon sien hang!

²Net een ding wil ek van julle weet: Het julle die Heilige Gees ontvang deur die wet van Moses te onderhou of deur die evangelie te glo?

³Is julle dan so sonder begrip? Julle het met die Gees begin; wil julle nou in eie krag eindig?

⁴Was al julle swaarkry dan verniet? Dit kon tog nie verniet gewees het nie!

⁵Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?

⁶So was dit ook met Abraham: “Hy het in God geglo, en God het hom vrygespreek.”

⁷Julle sien dus dat dié wat glo, kinders van Abraham is.

⁸Die Skrif het vooruit geweet dat God ook mense wat nie Jode is nie, sou vryspreek as hulle glo. Daarom het die Skrif al voorheen die goeie nuus vir Abraham gebring: “In jou sal al die nasies geseën word.”

⁹Dit is dus dié wat glo, wat saam met die gelowige Abraham geseën word.

¹⁰Maar almal wat staat maak op die onderhouding van die wet, val onder die vloek, want daar staan geskrywe: “Daar rus 'n vloek op elkeen wat nie stiptelik alles doen wat in die boek van die wet geskrywe staan nie.”

¹¹En dat niemand op grond van die wet deur God vrygespreek word nie, is duidelik, want “hy wat deur God vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe.”

¹²By die wet gaan dit egter nie om die geloof nie, maar om die daad, want daar staan: “Hy wat dóén wat die wet sê, sal daardeur lewe.”

¹³Christus het ons losgekoop van die vloek wat die wet meebring, deur in ons plek 'n vervloekte te word. Daar staan naamlik geskrywe: “Vervloek is elkeen wat aan 'n hout opgehang is.”

¹⁴Daardeur kan ook hulle wat nie Jode is nie, deur Christus Jesus deel kry aan die seën wat God aan Abraham toegesê het. So het ons dan deur die geloof die Gees ontvang wat God beloof het.

Die wet en die belofte

¹⁵Broers, ek gaan nou 'n voorbeeld uit die gewone lewe neem. As 'n testament, wat maar net mensewerk is, eers geldig is, kan niemand dit ongeldig maak of iets daaraan toevoeg nie.

¹⁶God het sy beloftes aan Abraham en aan sy nakomeling gegee. Daar staan nie “aan nakomelinge” meer as een nie, maar: “en aan jou nakomeling”, net een, en hierdie nakomeling is Christus.

¹⁷Hiermee wil ek dít sê: God het 'n verbond met Abraham gesluit en dit tóé al geldig gemaak. Die wet, wat eers vier honderd en dertig jaar later gekom het, kan nie hierdie verbond ongeldig maak, sodat God se belofte aan Abraham nie meer sou geld nie.

¹⁸As 'n mens dit wat beloof is, kry op grond van die onderhouding van die wet van Moses, kry jy dit nie meer op grond van die belofte nie, en God het sy genade aan Abraham juis deur 'n belofte toegesê.

¹⁹Watter doel dien die wet dan? Dit is later bygevoeg as gevolg van die sonde, en dit is bedoel vir die tyd totdat die nakomeling op wie die belofte betrekking het, sou kom. Engele het die wet deur middel van 'n tussenganger aan die volk gegee.

²⁰Maar as daar net één is wat handel, is 'n tussenganger nie nodig nie, en God is net een.

Slawe en seuns

²¹Wil dit nou sê dat die wet van Moses in stryd is met die beloftes van God? Beslis nie! As 'n wet gegee was wat in staat was om die ware lewe te skenk, sou 'n mens inderdaad vrygespreek kon word op grond daarvan dat hy die wet onderhou.

²²Maar volgens die Skrif is die hele wêreld vasgevang in die greep van die sonde; die belofte word dus vir die gelowiges vervul alleen op grond van die geloof in Jesus Christus.

²³Voordat hierdie geloof gekom het, is ons deur die wet gevange gehou en bewaak totdat die tyd van die geloof sou aanbreek.

²⁴Ons was dus onder die toesig van die wet totdat Christus sou kom, sodat ons deur te glo, vrygespreek sou word.

²⁵Maar nou dat die tyd van die geloof gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van die wet nie.

²⁶Deur hierdie geloof in Christus Jesus is julle nou almal kinders van God,

²⁷want julle almal wat deur die doop met Christus verenig is, het nou deel van Christus geword.

²⁸Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één.

²⁹En as julle aan Christus behoort, is julle ook nakomelinge van Abraham en erfgename kragtens die belofte van God.

Galasiërs 4

¹Hierby wil ek nog dít sê: Solank 'n erfgenaam nog minderjarig is, verskil sy posisie nie werklik van dié van 'n slaaf nie, al behoort die hele erfenis aan hom.

²Tot die dag wat sy pa bepaal het, staan hy onder toesig van voogde en word sy besittings deur bestuurders beheer.

³En so is dit ook met ons. Toe ons nog geestelik onmondig was, was ons slawe van wettiese godsdienstige reëls.

⁴Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af was Hy aan die wet onderworpe

⁵om ons, wat aan die wet onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God aangeneem kon word.

⁶En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: “Abba! ” Dit beteken: Vader!

⁷Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak.

Paulus se besorgdheid oor die Galasiërs

⁸Daar was 'n tyd toe julle nie vir God geken het nie en slawe was van nikswerd afgode.

⁹Maar noudat julle Hom leer ken het, of liewer, noudat Hy julle ken, hoe val julle dan nou weer terug na daardie minderwaardige en armsalige wettiese godsdienstige reëls? Wil julle van voor af weer slawe daarvan wees?

¹⁰Julle hou aan om besondere dae en maande, feesgeleenthede en jare te vier.

¹¹Ek vrees my harde werk aan julle was dalk tevergeefs.

¹²Ek smeeek julle, broers: Word soos ek, soos ek my ook met julle vereenselwig het. Julle het my nooit sleg behandel nie.

¹³Julle onthou mos hoe dit gekom het dat ek die eerste keer die evangelie aan julle verkondig het. Dit was deurdat ek siek geword het.

¹⁴En al was my toestand vir julle 'n versoeking om my te verag of selfs te verfoei, het julle dit nie gedoen nie. Inteendeel, julle het my ontvang asof ek 'n engel van God was, ja, asof ek Christus Jesus self was.

¹⁵Julle was so bly daaroor. Wat het nou van julle blydschap geword? Dít kan ek van julle getuig: As dit moontlik was, sou julle julle oë uitgeruk en vir my gegee het.

¹⁶Het ek dan nou julle vyand geword deurdat ek die waarheid aan julle voorhou?

¹⁷Daardie mense se ywer vir julle is nie met suiwer bedoelings nie. Hulle wil julle van my losmaak sodat julle julle vir hulle saak sal beywer.

¹⁸Om jou vir 'n goeie saak te beywer, is goed, maar dan moet dit altyd die geval wees en nie net as ek by julle is nie.

¹⁹My kinders, ek verkeer van voor af weer in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry.

²⁰Ek wens ek kon nou by julle wees en op 'n ander toon met julle praat. Ek is werklik besorg oor julle.

Hagar en Sara

²¹Julle wat so graag aan die wet van Moses onderworpe wil wees, sê vir my: Hoor julle nie wat die wet sê nie?

²²Daar staan tog geskrywe dat Abraham twee seuns gehad het, een by 'n slavin en een by 'n vrygeborene.

²³Sy seun by die slavin is volgens die loop van die natuur verwek en gebore, maar sy seun by die vrygeborene kragtens 'n belofte van God.

²⁴'n Mens moet dit figuurlik verstaan. Die twee vroue staan vir twee verbonde. Die een is by Sinaiberg gesluit en bring slawe voort. Dié verbond is Hagar.

²⁵Hagar staan vir Sinaiberg in Arabië, en dit is 'n beeld van die huidige Jerusalem, want Jerusalem en sy kinders is slawe.

²⁶Maar die hemelse Jerusalem is vry, en dit is ons moeder.

²⁷Daar staan immers geskrywe: “Verbly jou, onvrugbare wat nie kinders kon hê nie. Juig van vreugde, jy wat nooit moeder kon word nie, want die

kinderlose vrou wat deur haar man verlaat is, sal meer kinders hê as die vrugbare wie se man by haar is.”

²⁸En julle, my broers, is net soos Isak kragtens die belofte kinders van God.

²⁹Destyds het die seun wat volgens die loop van die natuur gebore is, die seun vervolgd wat deur die Gees in die wêreld gekom het. En dit is nou nog so.

³⁰Maar wat sê die Skrif hiervan? “Jaag die slavin en haar seun weg, want die seun van die slavin mag hoegenaamd nie saam met die seun van die vrygeborene erf nie.”

³¹Ons is dus nie kinders van 'n slavin nie, broers; ons is kinders van die vrye.

Galasiërs 5

¹Christus het ons vry gemaak om werklik vry te wees. Staan dan vas in hierdie vryheid en moet julle nie weer onder 'n slawejuk laat indwing nie.

Die Christelike vryheid

²Kyk, ek, Paulus, sê vir julle: As julle julle laat besny, sal Christus vir julle geen betekenis hê nie.

³Ek sê dit weer nadruklik vir elkeen wat hom laat besny: Hy is verplig om die hele wet van Moses te onderhou.

⁴Julle wat van julle sonde vrygespreek wil word deur die wet te onderhou, julle het julle band met Christus verbreek, julle het die genade van God verbeur.

⁵Wat ons betref, deur die werking van die Gees is dit ons hoop en verwagting dat ons deur te glo, vrygespreek sal word.

⁶In Christus Jesus is dit nie van belang of jy besny is of nie. Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot daad oorgaan.

⁷Julle was so goed op pad. Wie het julle verhinder om die waarheid te bly gehoorsaam?

⁸Wie het julle omgepraat? Nie God nie; Hy roep julle tot gehoorsaamheid.

⁹'n Bietjie suurdeeg deurtrek die hele deeg.

¹⁰Ons band met die Here gee my die vertroue dat julle net so sal dink soos ek. Maar die man wat vir julle in verwarring bring, wie hy ook al mag wees, God sal hom straf.

¹¹Wat my betref, broers, as ek nog verkondig dat 'n mens besny moet word, waarom word ek dan nog vervolgt? Dan is die kruis as struikelblok mos uit die weg geruim.

¹²Ek wens die mense wat dié verwarring onder julle stig, wou hulleself dan maar heeltemal ontman!

Die Gees van God en ons sondige natuur

¹³Julle, broers, julle is tot vryheid geroep. Moet net nie julle vryheid misbruik as 'n verskoning om sonde te doen nie, maar dien mekaar in liefde.

¹⁴Die hele wet word in hierdie een gebod saamgevat: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.”

¹⁵Maar julle byt en verskeur mekaar; pas op dat julle mekaar nie later heeltemal verslind nie.

¹⁶Wat ek bedoel, is dít: Laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word, dan sal julle nooit swig voor begeertes van julle sondige natuur nie.

¹⁷Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.

¹⁸Maar as julle julle deur die Gees laat lei, staan julle nie meer onder die wet nie.

¹⁹Die praktyke van die sondige natuur is algemeen bekend: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid,

²⁰afgodsdien, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring,

²¹afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge. Ek waarsku julle soos ek julle al vroeër gewaarsku het: Wie hom aan sulke dinge skuldig maak, sal nie die koninkryk van God as erfenis verkry nie.

²²Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid,

²³nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wet niks nie.

²⁴Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig.

²⁵Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.

²⁶Ons moenie verwaand wees, mekaar uittart of op mekaar afgunstig wees nie.

Galasiërs 6

Dra mekaar se laste

¹Broers, as iemand in die een of ander sonde val, moet julle wat julle deur die Gees laat lei, so iemand in 'n gees van sagmoedigheid reghelp. En pas op: jy kan self ook in versoeking kom.

²Dra mekaar se laste, en gee op dié manier uitvoering aan die wet van Christus.

³As iemand hom verbeel hy is iets en hy is niks, bedrieg hy homself.

⁴Laat elkeen sy eie doen en late ondersoek: as dit goed is, kan hy daarop trots wees sonder om dit met dié van 'n ander te vergelyk.

⁵Elkeen sal rekenskap moet gee oor wat hy gedoen het.

⁶Iemand wat onderrig ontvang in die woord van God, moet sy leermeester laat deel in al die goeie dinge wat hy het.

⁷Moenie julleself mislei nie: God laat nie met Hom spot nie. Wat 'n mens saai, dit sal hy ook oes.

⁸Wie op die akker van sy sondige natuur saai, sal van die sondige natuur dood en verderf oes. Maar wie op die akker van die Gees saai, sal van die Gees die ewige lewe oes.

⁹Laat ons dan nie moeg word om goed te doen nie, want as ons nie verslap nie, sal ons op die bestemde tyd ook die oes insamel.

¹⁰Solank ons die geleentheid het, moet ons dus aan almal goed doen, veral aan ons medegelowiges.

Laaste waarskuwing en groet

¹¹Van hier af skryf ek eiehandig aan julle. Kyk net die groot letters!

¹²Daardie mense wat so daarop aandring dat julle julle ook moet laat besny, wil maar net uiterlik 'n goeie indruk maak, sodat hulle nie vervolgt sou word ter wille van die kruis van Christus nie.

¹³Al het hulle hulle laat besny, onderhou hulle self nie die wet van Moses nie, maar hulle wil net hê dat julle julle moet laat besny sodat hulle kan roem oor wat met julle liggaam gebeur het.

¹⁴Maar wat my betref, mag God verhoed dat ek ooit oor iets anders roem as oor die kruis van ons Here Jesus Christus, want deur die kruis is die wêreld vir my dood en ek vir die wêreld.

¹⁵Of 'n mens besny is of nie, is nie van belang nie, maar dat jy 'n nuwe mens is.

¹⁶En almal wat volgens hierdie beginsel leef, die ware Israel — mag God aan hulle vrede gee en barmhartigheid bewys.

¹⁷Niemand moet dit vir my verder moeilik maak nie, want ek dra al klaar die littekens van Jesus aan my liggaam.

¹⁸Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle gees wees, broers! Amen.

Efesiërs

Efesiërs 1

¹Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God. Aan almal in Efese wat aan God behoort en in Christus Jesus glo.

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Lof aan God vir sy genade

³Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! Hy het ons in Christus geseën met al die seëninge van die Gees wat daar in die hemel is.

⁴So het Hy, nog voordat die wêreld geskep is, ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees.

⁵In sy liefde het Hy ons, volgens sy genadige beskikking, toe ook al daarvoor bestem om deur Jesus Christus sy kinders te wees.

⁶Daarom moet ons God prys vir sy wonderlike genade wat Hy in die Geliefde vrylik aan ons geskenk het.

⁷Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God

⁸wat Hy in al sy wysheid en insig so oorvloedig aan ons geskenk het.

⁹Hy het kragtens sy besluit en voorneme die geheimenis van sy wil aan ons bekend gemaak

¹⁰en dit deur Christus tot uitvoering gebring op die tyd wat Hy daarvoor bepaal het. Sy bedoeling was om alles wat in die hemel en alles wat op die aarde is, onder een hoof te verenig, naamlik onder Christus.

¹¹Deur Christus het ons deel geword van die volk van God soos Hy dit vooruit al bestem het. So het Hy Hom dit voorgeneem, Hy wat alles laat gebeur volgens sy raadsbesluit.

¹²Daarom moet ons, die eerstes wat ons hoop op Christus gestel het, die grootheid van God prys.

¹³Deur Christus het ook julle deel geword van die volk van God toe julle die waarheid wat aan julle verkondig is, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het. In Christus het die Heilige Gees wat deur God belowe is, julle as die eiendom van God beseël.

¹⁴Die Heilige Gees is die waarborg dat ons ook verder sal ontvang wat God belowe het, wanneer Hy almal wat aan Hom behoort, volkome sal verlos. Daarom moet ons sy grootheid prys.

Paulus se gebed

¹⁵Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges,

¹⁶hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek in my gebede aan julle dink,

¹⁷bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken.

¹⁸Ek bid dat Hy julle geestesoë so verhelder dat julle kan weet watter hoop sy roeping inhou, en watter rykdom daar is in die heerlike erfenis wat Hy vir die gelowiges bestem het,

¹⁹en hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag

²⁰wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het:

²¹hoog bo elke mag en gesag, elke krag en heerskappy, en wat daar ook al sprake van mag wees, nie net in hierdie bedeling nie, maar ook in die bedeling wat kom.

²²Ja, aan Hom het God alles onderwerp, Hom bo alles verhef en Hom aangestel as hoof van die kerk.

²³Die kerk is sy liggaam, die volheid van Hom wat alles in almal vervul.

Efesiërs 2

Lewe uit die dood

- ¹Julle was dood as gevolg van julle oortredings en sondes
- ²wat voorheen julle lewenswyse gekenmerk het. Julle het gelewe soos hierdie sondige wêreld en julle laat lei deur die vors van die onsigbare magte, die gees wat daar nou aan die werk is in die mense wat aan God ongehoorsaam is.
- ³So het ons trouens vroeër ook almal gelewe. Ons is deur ons sondige begeertes oorheers en het gedoen net waartoe ons luste ons gelei het en wat in ons gedagtes opgekom het. Vanweë ons sondige natuur sou ons net soos die ander mense deur God gestraf moes word.
- ⁴Maar God is ryk in barmhartigheid en het ons innig lief.
- ⁵Deur sy groot liefde het Hy ons wat dood was as gevolg van ons oortredings, saam met Christus lewend gemaak. Uit genade is julle gered!
- ⁶Ja, in Christus Jesus het Hy ons saam met Hom opgewek uit die dood en ons saam met Hom 'n plek in die hemel gegee,
- ⁷sodat God ook in die tye wat kom, sou laat sien hoe geweldig groot sy genade is deur die goedheid wat Hy in Christus Jesus aan ons bewys het.
- ⁸Julle is inderdaad uit genade gered, deur geloof. Hierdie redding kom nie uit julleself nie; dit is 'n gawe van God.
- ⁹Dit kom nie deur julle eie verdienste nie, en daarom het niemand enige rede om op homself trots te wees nie.
- ¹⁰Nee, God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie daade waarvoor Hy ons bestem het.

Een nuwe mensheid

- ¹¹Hou dan in gedagte wat julle vroeër was. Van geboorte was julle heidene, en julle is “onbesnedenes” genoem deur dié wat hulleself “die besnedenes” noem, al is die besnydenis net mensewerk aan die liggaam.

¹²In dié tyd was julle sonder Christus, uitgesluit uit die burgerskap van Israel, ver van God af sonder deel aan die verbonde en die beloftes wat daarmee saamhang, sonder hoop en sonder God in die wêreld.

¹³Maar nou is julle een met Christus Jesus. Julle wat vroeër ver van God gelewe het, het nou naby gekom deur die bloed van Christus.

¹⁴Christus is ons vrede, Hy wat dié twee, Jode en nie-Jode, een gemaak het. Deur sy liggaam te gee, het Hy die vyandskap afgebreek wat vroeër soos 'n muur skeiding gemaak het.

¹⁵Die wet van Moses met al sy gebooie en bepalings het Hy opgehef, en deur vrede te maak, het Hy in Homself dié twee, Jode en nie-Jode, tot een nuwe mensheid verenig.

¹⁶Deur sy dood aan die kruis het Hy 'n einde gemaak aan die vyandskap en dié twee met God versoen en tot een liggaam verenig.

¹⁷Toe Hy gekom het, het Hy die goeie boodskap van vrede gebring: vrede vir julle wat ver van God was, vrede ook vir dié wat naby was.

¹⁸Deur Hom het ons almal, Jode en nie-Jode, deur die een Gees vrye toegang tot die Vader.

¹⁹Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God.

²⁰Julle is 'n gebou wat opgerig is op die fondament van die apostels en die profete, 'n gebou waarvan Christus Jesus self die hoeksteen is.

²¹In Hom sluit die hele gebou saam en verrys dit tot 'n heilige tempel vir die Here,

²²in wie julle ook saam opgebou word as 'n geestelike huis waarin God woon.

Efesiërs 3

Paulus se werk onder die heidennasies

¹Daarom bid ek vir julle wat nie Jode is nie, ek, Paulus, 'n gevangene deur my diens aan Christus Jesus.

²Julle het tog seker gehoor van die opdrag wat God in sy genade aan my gegee het in julle belang.

³Hy het sy geheimenis deur 'n openbaring aan my bekend gemaak, soos ek dit hierbo kortliks beskrywe het,

⁴en as julle dit lees, sal julle 'n begrip kry van my insig in die geheimenis van Christus.

⁵Nog nooit tevore in die geskiedenis is die geheimenis aan die mensdom bekend gemaak soos God dit nou deur die Gees aan sy heilige apostels en profete geopenbaar het nie.

⁶En dít is die geheimenis: deur die verkondiging van die evangelie en in hulle verbondenheid met Christus Jesus, word ook mense wat nie Jode is nie, saam met ons deel van die volk van God en lede van die liggaam van Christus, en kry hulle ook saam met ons deel aan wat God belowe het.

⁷Van hierdie evangelie het ek 'n dienaar geword, 'n voorreg wat God in sy genade aan my gegee het deur sy krag in my te laat werk.

⁸Hoewel ek die geringste van al die gelowiges is, het Hy aan my hierdie voorreg gegee om aan die heidennasies die evangelie van die onpeilbare rykdom van Christus te verkondig.

⁹Ek moet aan almal bekend maak hoe God, die Skepper van alle dinge, nou sy verborge plan uitvoer nadat Hy dit deur al die eeue geheim laat bly het.

¹⁰Maar nou het God die ryke verskeidenheid van sy wysheid deur die kerk bekend laat word aan elke mag en gesag in die hemelruim,

¹¹soos Hy Hom van ewigheid af al voorgeneem het om dit deur Christus Jesus, ons Here, tot uitvoering te bring.

¹²In ons verbondenheid met Hom en deur ons geloof in Hom kan ons met vrymoedigheid en vertrouwe na God gaan.

¹³Daarom bid ek dat julle nie moedeloos word omdat ek om julle ontwil ly nie. Julle moet dit eerder as 'n eer beskou.

Die gebed van Paulus vir die Efesiërs

¹⁴Daarom kniel ek in gebed voor die Vader

¹⁵aan wie die hele gemeenskap van gelowiges in die hemel en op die aarde sy bestaan te danke het.

¹⁶Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlikheid aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,

¹⁷dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.

¹⁸Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.

¹⁹Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan, en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.

²⁰Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk, magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,

²¹aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus, deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid. Amen.

Efesiërs 4

Die eenheid van die kerk

¹Ek druk julle dit op die hart, ek wat 'n gevangene is omdat ek die Here dien: Laat julle lewenswandel in ooreenstemming wees met die roeping wat julle van God ontvang het.

²Wees altyd beskeie, vriendelik en geduldig, en verdra mekaar in liefde.

³Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe.

⁴Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het.

⁵Daar is net één Here, één geloof, één doop,

⁶één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon.

⁷Aan elkeen van ons is 'n genadegawe gegee volgens die mate waarin Christus die gawes uitgedeel het.

⁸Daarom sê die Skrif: “Toe Hy na die hoogte opgevaar het, het Hy krygsgevangenes saamgeneem en gawes aan die mense gegee.”

⁹Hierdie uitdrukking: “Hy het opgevaar” veronderstel tog dat Hy eers neergedaal het na wat laer is, naamlik na die aarde toe.

¹⁰Die Een wat neergedaal het, is ook die Een wat opgevaar het bo alle hemelruimtes uit om alles met sy teenwoordigheid te vul.

¹¹En dít is die “gawes” wat Hy “gegee het”: apostels, profete, evangeliste, en herders en leraars.

¹²Sy doel daarmee was om die gelowiges toe te rus vir hulle diens en vir die opbou van die liggaam van Christus.

¹³So sal ons uiteindelik almal kom tot die werklike eenheid in ons geloof en in ons kennis van die Seun van God. Dan sal ons, sy kerk, soos 'n volgroeide mens wees, so volmaak en volwasse soos Christus.

¹⁴Dan sal ons nie meer kinders wees nie; ons sal nie meer soos golwe op en af en heen en weer geslinger word deur elke wind van dwaalleer as vals leraars ons met hulle slinksheid en listigheid op dwaalweë wil wegvoer nie.

¹⁵Nee, ons sal in liefde by die waarheid bly en so in alle opsigte groei na Christus toe. Hy is immers die hoof,

¹⁶en uit Hom groei die hele liggaam. Die verskillende liggaamsdele pas by mekaar en vorm saam 'n eenheid. Elkeen van hulle vervul sy funksie, en so bou die liggaam homself op in liefde.

Die ou en die nuwe lewe

¹⁷In die Naam van die Here doen ek 'n ernstige beroep op julle: Moenie langer soos heidene lewe nie. Hulle gedagtes lei tot niks,

¹⁸hulle verstand is verduister, en hulle het geen deel aan die lewe wat God skenk nie, omdat hulle hardnekkig in hulle onkunde volhard.

¹⁹Hulle het heeltemal afgestomp geraak en hulle met 'n onversadigbare drang aan losbandigheid oorgegee om al wat vuil is, te doen.

²⁰Maar dit is nie hoe julle Christus leer ken het nie.

²¹Julle het tog van Hom gehoor, en omdat julle sy volgelinge is, is julle onderrig volgens die waarheid wat in Jesus is.

²²Hou dan op om te lewe soos julle vroeër gelewe het; breek met die ou, sondige mens in julle wat deur sondige begeertes verteer word.

²³Julle gees en gedagtes moet nuut word;

²⁴lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig.

Riglyne vir die nuwe lewe

²⁵Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

²⁶As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie.

²⁷Moenie die duiwel vatkans gee nie.

²⁸As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.

²⁹Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

³⁰En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

³¹Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie.

³²Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Efesiërs 5

¹Omdat julle kinders van God is en Hy julle liefhet, moet julle sy voorbeeld volg.

²Lewe in liefde, soos Christus ons ook liefgehad en om ons ontwil sy lewe as 'n offergawe gegee het, ja, 'n offer wat vir God aanneemlik was.

³Soos dit gelowiges betaam, moet daar van ontug, onsedelikheid in enige vorm, of gierigheid onder julle selfs geen sprake wees nie.

⁴Growwe, ligsinnige of vuil praatjies pas nie by julle nie; nee, dank aan God pas by julle.

⁵Dit moet julle goed besef: iemand wat ontug pleeg, onsedelik lewe of 'n gierigaard is — want gierigheid is afgodery — het nie deel aan die koninkryk van Christus en van God nie.

Lewe as mense van die lig

⁶Moenie dat iemand julle met allerlei onwaarhede mislei nie, want daardeur kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is.

⁷Met sulke mense moet julle niks te doen hê nie.

⁸Vroeër was julle die ene duisternis, maar nou in die Here is julle lig. Leef dan as mense van die lig.

⁹Uit die lig kom alles voort wat goed en reg en waar is.

¹⁰Vra julle voortdurend af of iets vir die Here aanneemlik is,

¹¹en moenie meedoen aan die vrugtelose praktyke van die duisternis nie, maar stel dit eerder aan die kaak.

¹²Dit is 'n skande om selfs te praat oor die dinge wat die ongehoorsame mense in die geheim doen.

¹³Maar alles word aan die kaak gestel wanneer die lig daarop val.

¹⁴En as iets bekend geword het, is dit in die lig. Daarom sê die lied: “Word wakker, jy wat slaap, en staan op uit die dood; en Christus sal jou lewe verlig.”

¹⁵Wees baie versigtig hoe julle lewe: nie soos onverstandige mense nie, maar soos verstandiges.

¹⁶Maak die beste gebruik van elke geleentheid, want ons lewe in 'n goddelose tyd.

¹⁷Moet daarom nie onverstandig optree nie, maar probeer te wete kom wat die Here wil dat julle moet doen.

¹⁸Moet julle nie aan drank te buite gaan nie; daarmee gaan losbandigheid gepaard. Nee, laat die Gees julle vervul,

¹⁹en sing onder mekaar psalms, lofgesange en ander geestelike liedere; sing met julle hele hart tot eer van die Here.

²⁰Dank God die Vader altyd oor alles in die Naam van ons Here Jesus Christus.

Man en vrou

(Vgl. Kol. 3:18-19; 1 Pet. 3:1-7)

²¹Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig.

²²Vrouens, wees aan julle mans onderdanig, net soos julle aan die Here onderdanig is.

²³Die man is die hoof van die vrou, soos Christus die hoof van die kerk is. Christus is ook die Verlosser van die liggaam, sy kerk.

²⁴Soos die kerk aan Christus onderdanig is, moet die vrouens in alles aan hulle mans onderdanig wees.

²⁵Mans, julle moet julle vrouens liefhê soos Christus die kerk liefgehad en sy lewe daarvoor afgelê het.

²⁶Dit het Hy gedoen om die kerk aan God te wy, nadat Hy dit met die water en die woord gereinig het,

²⁷sodat Hy die kerk in volle heerlikheid by Hom kan neem, sonder vlek of rimpel of iets dergeliks, heilig en onberispelik.

²⁸Die mans behoort hulle vrouens so lief te hê soos hulle eie liggame. Wie sy vrou liefhet, het homself lief,

²⁹want niemand het nog ooit sy eie liggaam gehaat nie. Inteendeel, hy voed en versorg dit, soos Christus met sy kerk doen

³⁰omdat dit sy liggaam is, waarvan ons lede is.

³¹Daar staan in die Skrif: “Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees.”

³²Hierin lê daar 'n diep geheimenis opgesluit, en ek pas dit toe op Christus en die kerk.

³³Maar dit is ook op julle van toepassing. Elkeen moet sy vrou so lief hê soos hy homself liefhet, en 'n vrou moet aan haar man eerbied betoon.

Efesiërs 6

Ouers en kinders

(Vgl. Kol. 3:20-21)

¹Kinders, wees as gelowiges aan julle ouers gehoorsaam, want dit is wat die wet van God vereis.

²“Eer jou vader en jou moeder” is 'n baie belangrike gebod. En daar is nog 'n belofte by:

³“sodat dit met jou goed mag gaan en jy lank mag lewe op die aarde.”

⁴En vaders, moenie julle kinders so behandel dat hulle opstandig word nie, maar maak hulle groot met tug en vermaning soos die Here dit wil.

Eienaars en slawe

(Vgl. Kol. 3:22 -- 4:1; 1 Pet. 2:18-25)

⁵Slawe, wees gehoorsaam aan julle eienaars hier op aarde, en doen dit met eerbied en ontsag maar terselfdertyd met 'n opregte hart, asof dit vir Christus is.

⁶Moenie net werk om deur julle eienaars raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie; werk soos slawe van Christus wat van harte die wil van God doen.

⁷Al is julle slawe, doen julle werk met lus, soos vir die Here en nie vir mense nie.

⁸Julle weet tog dat die Here elkeen sal beloon as hy iets goeds gedoen het, of hy nou slaaf is of vry.

⁹En eienaars, behandel julle slawe met dieselfde gesindheid. Hou op om hulle te dreig. Dink daaraan dat die Here in die hemel hulle Here en ook julle Here is, en Hy trek niemand voor nie.

Die Christen se wapenrusting

¹⁰Verder nog dit: Soek julle krag in die Here en in sy groot mag.

¹¹Trek die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle op julle pos kan bly ondanks die listige aanslae van die duiwel.

¹²Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.

¹³Trek daarom die volle wapenrusting aan wat God julle gee, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle die stryd tot die einde toe gevoer het, nog op julle pos kan bly staan.

¹⁴Bly dan op julle pos, toegerus met die waarheid as gordel om julle heupe, die vryspraak deur God as borsharnas,

¹⁵en die bereidheid om die evangelie van vrede te verkondig as skoene aan die voete.

¹⁶Daarby moet julle altyd geloof as skild in die hand hê, want daarmee sal julle al die brandpyle van die Bose kan afweer.

¹⁷Sit verlossing as helm op en vat die swaard van die Gees, dit is die woord van God.

¹⁸Doen dit alles biddend en smee God by elke geleentheid deur die Gees. Wees waaksaam en bid gedurig vir al die gelowiges.

¹⁹Bid ook vir my dat wanneer ek preek, God my die woorde gee dat ek die geheimenis van die evangelie met vrymoedigheid kan bekend maak.

²⁰Ter wille van hierdie evangelie is ek 'n gesant in boeie. Bid dat ek dit met vrymoedigheid kan verkondig soos dit my opgelê is.

Slotwoord

²¹Tigikus, die medegelowige wat ek baie lief het, die getroue dienaar in diens van die Here, sal julle alles vertel, sodat julle ook kan weet hoe dit met my gaan en wat ek doen.

²²Ek stuur hom juis hiervoor na julle toe, sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en, sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem.

²³Vrede vir die broers, en liefde en geloof, van God die Vader en die Here Jesus Christus!

²⁴Die genade sal by almal wees wat vir ons Here Jesus Christus met onverganklike liefde liefhet.

Filippense

Filippense 1

¹Van Paulus en Timoteus, dienaars van Christus Jesus. Aan almal in Filippi wat deur Christus Jesus aan God behoort, met hulle ouderlinge en diakens.

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Danksegging en gebed vir die gemeente

³Ek dank my God elke keer as ek aan julle dink.

⁴In al my gebede bid ek altyd met blydschap vir julle almal,

⁵omdat julle van die eerste dag af tot nou toe saamgewerk het aan die verkondiging van die evangelie.

⁶Ek is veral ook daarvan oortuig dat God, wat die goeie werk in julle begin het, dit end-uit sal voer en dit sal voleindig op die dag wanneer Christus Jesus kom.

⁷Dit is ook heeltemal reg dat ek so oor julle almal dink, omdat julle my na aan die hart lê. Julle deel immers almal saam met my in die genade wat God my gee, sowel in my gevangenskap as in my verdediging van die evangelie en die bevestiging van die waarheid daarvan.

⁸God is my getuie, Hy weet hoe ek na julle almal verlang met die liefde van Christus Jesus in my hart.

⁹Ook bid ek dat julle liefde al hoe meer sal toeneem in begrip en fyn aanvoeling,

¹⁰sodat julle die dinge sal kan onderskei waarop dit werklik aankom. Dan sal julle op die dag wanneer Christus kom, onberispelik en sonder blaam wees,

¹¹en deur Jesus Christus sal julle geheel en al in die regte verhouding met God wees, tot sy lof en eer.

Bevordering van die evangelie ondanks gevangenskap

¹²Ek wil hê julle moet weet, broers, dat wat my oorgekom het, juis die verkondiging van die evangelie bevorder het.

¹³Dit het daarop uitgeloop dat die hele keiserlike wag en al die ander nou besef dat dit ter wille van Christus is dat ek 'n gevangene is.

¹⁴Deur my boeie is die meeste broers ook in hulle vertrouwe op die Here gesterk, en hulle waag dit al hoe meer om die woord van God onbevrees te verkondig.

¹⁵Daar is wel party wat Christus verkondig omdat hulle jaloers op my is en iets teen my het, maar ander doen dit met opregte bedoelings.

¹⁶Laasgenoemdes verkondig Christus omdat hulle my liefhet en weet dat dit my taak is om die evangelie te verdedig;

¹⁷maar eersgenoemdes maak Christus bekend uit selfsugtige en onsuivere bedoelings. Hulle oogmerk is om die gevangenskap vir my nog swaarder te maak.

¹⁸Maar wat maak dit saak? In elk geval, of dit met bybedoelings is of in opregtheid, op allerhande maniere word Christus bekend gemaak, en daaroor is ek bly. En ek sal my ook verder verbly,

¹⁹want ek weet dat alles op my redding sal uitloop omdat julle vir my bid en die Gees van Jesus Christus my bystaan.

²⁰Dit is my vurige verlange, en daarna sien ek uit, dat ek niks sal doen waaroor ek my sal hoef te skaam nie. Ek wil ook nou, soos nog altyd, met alle vrymoedigheid deur my hele wese Christus verheerlik in lewe en in sterwe,

²¹want om te lewe, is vir my Christus, en om te sterwe, is vir my wins.

²²As ek in die lewe bly, kan ek voortgaan met vrugbare arbeid. Wat ek moet kies, weet ek nie.

²³Ek is in 'n tweestryd: ek verlang daarna om heen te gaan en met Christus te wees, want dit is verreweg die beste;

²⁴maar in julle belang is dit noodsaakliker dat ek bly lewe.

²⁵Omdat ek hiervan oortuig is, weet ek dat ek sal bly, ja, vir julle almal behoue sal bly, sodat julle kan toeneem in geloof, en blydschap in julle geloof kan hê.

²⁶As ek weer by julle kom, sal julle oorvloedige rede hê om Christus Jesus oor my te prys.

Vermaning tot standvastigheid, eensgesindheid en nederigheid

²⁷Hoofsaak is dat julle lewenswandel in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome eensgesindheid standvastig saamstry vir die geloof in die evangelie

²⁸en julle in geen opsig deur die teenstanders laat afskrik nie. Dit is vir hulle 'n teken van hulle ondergang en van julle redding, en dit kom van God.

²⁹God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly.

³⁰Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry.

Filippense 2

¹Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing —

²maak dan nou my blydschap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe.

³Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself.

⁴Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

Die voorbeeld van Jesus Christus

⁵Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:

⁶Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie,

⁷maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy as mens verskyn het,

⁸het Hy Homself verder verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die dood aan die kruis.

⁹Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en Hom die Naam gegee wat bo elke naam is,

¹⁰sodat in die Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde en onder die aarde is, die knie sou buig,

¹¹en elke tong sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die Vader.

Ligdraers in die wêreld

¹²My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en ontsag daarop toelê om as verlose mense te lewe,

¹³want dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer.

¹⁴Doen alles sonder kla of teëpraat.

¹⁵Sorg dat julle bo alle verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree onder hulle op as ligdraers in die wêreld

¹⁶deur die woord van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg het nie.

¹⁷Julle geloof is 'n offer in diens van God. Selfs al word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek daaroor bly, ja, is ek saam met julle almal bly.

¹⁸Om dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my bly wees.

Die sending van Timoteus en Epafroditos

¹⁹Ek hoop om, as die Here Jesus wil, Timoteus gou na julle toe te stuur, sodat ek ook rus in my gemoed kan hê as ek gehoor het hoe dit met julle gaan.

²⁰Ek het trouens niemand met dieselfde gesindheid as hy en wat julle belange so opreg sal behartig nie.

²¹Al die ander soek net hulle eie belange, nie dié van Jesus Christus nie.

²²Maar julle weet hoe betroubaar Timoteus is. Soos 'n kind saam met sy vader, het hy saam met my die saak van die evangelie gedien.

²³Ek hoop om hom dadelik te stuur, sodra ek gesien het hoe my sake verloop.

²⁴En ek vertrou dat, as die Here wil, ek self ook gou na julle toe sal kan kom.

²⁵Ek ag dit noodsaaklik om die broer Epafroditos, my medewerker en medestryder wat deur julle hierheen gestuur is om my in my omstandighede by te staan, na julle toe terug te stuur.

²⁶Hy verlang gedurig na julle almal en bly hom daaroor kwel dat julle van sy siekte gehoor het.

²⁷Hy was ook inderdaad doodsiek, maar God het Hom oor Epafroditos ontferm, en nie net oor hom nie, maar ook oor my sodat ek nie verdriet op verdriet sou hê nie.

²⁸Ek stuur hom dan nou ook so gou moontlik terug, sodat as julle hom weer sien, julle weer bly kan wees en ek minder besorg.

²⁹Ontvang hom met oop arms as 'n broer in die Here, en bejeën manne soos hy met agting,

³⁰want deur sy werk vir Christus het hy by die dood omgedraai. Hy het sy lewe gewaag om my die hulp te verleen wat julle self nie kon gee nie.

Filippense 3

Die ware geregtigheid

¹Verder, my broers, wees bly in die Here! Om dieselfde dinge aan julle te skrywe, is vir my nie moeite nie, en vir julle gee dit sekerheid.

²Pas op vir daardie dwaalleraars; pas op vir daardie mense wat kwaad stig; pas op vir daardie betekenislose besnydenis!

³Ons het die ware besnydenis, óns wat God deur sy Gees dien, óns wat ons op Christus Jesus beroem en nie op uiterlike dinge vertrou nie.

⁴Tog sou ek ook op uiterlike dinge kon vertrou. As iemand meen dat hy op uiterlike dinge kan vertrou, ek nog meer:

⁵ek is op die agste dag besny, van geboorte 'n Israeliet, uit die stam Benjamin, 'n egte Hebreër, in wetsopvatting was ek 'n Fariseër,

⁶in my ywer 'n vervolger van die kerk, in onderhouding van die wet van Moses om vryspraak te kry, onberispelik.

⁷Maar wat eers vir my 'n bate was, beskou ek nou as waardeloos ter wille van Christus,

⁸ja, nog meer: ek beskou alles as waardeloos, want om Christus Jesus, my Here, te ken, oortref alles in waarde. Ter wille van Hom het ek alles prysgegee en beskou ek dit as verwerplik sodat ek Christus as enigste bate kan verkry

⁹en een met Hom kan wees: vrygespreek, nie omdat ek die wet onderhou nie, maar omdat ek in Christus glo. Dit is die vryspraak wat God gee omdat 'n mens in Hom glo.

¹⁰Al wat ek wens, is om Christus te ken, die krag van sy opstanding te ondervind en deel te hê aan sy lyding deur aan Hom gelyk te word in sy dood,

¹¹in die verwagting dat ek self deel sal hê aan die opstanding uit die dood.

¹²Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.

¹³Broers, ek verbeel my nie dat ek dit alles al het nie. Maar een ding doen ek: ek maak my los van wat agter is en strek my uit na wat voor is.

¹⁴Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus.

¹⁵Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê. En as julle in enige opsig anders daaroor dink — God sal ook hierin aan julle die regte insig gee.

¹⁶In elk geval, laat ons koers hou op die pad waarmee ons tot hiertoe gekom het.

¹⁷Wees my navolgers, broers, en let op die mense wat lewe volgens die voorbeeld wat ons vir julle stel.

¹⁸Ek het dikwels vir julle gesê en tot my verdriet moet ek dit nou herhaal: Daar is baie wat as vyande van die kruis van Christus lewe.

¹⁹Die verderf is hulle einde; die maag is hulle god; hulle skande is hulle trots; hulle is aardsgesind.

²⁰Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.

²¹Deur die krag waarmee Hy alles aan Homself onderwerp, sal Hy ons nederige liggame verander om soos sy verheerlikte liggaam te wees.

Filippense 4

¹Daarom, my broers, moet julle vas staan en getrou bly aan die Here. Ek het julle baie lief en verlang na julle. Julle is my blydschap en my kroon.

Die Christelike lewenswandel

²Ek vermaan vir Euodia en ek vermaan vir Sintige om eensgesind te wees in die Here.

³Ja, ek vra jou ook, getroue medewerker, wees hierdie vroue behulpsaam. Hulle het saam met my die stryd gevoer in diens van die evangelie, net soos Klemens ook en my ander medewerkers, wie se name in die boek van die lewe staan.

⁴Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly!

⁵Wees insiklik teenoor alle mense. Die Here is naby.

⁶Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in alles julle begeertes deur gebed en smeking en met danksegging aan God bekend.

⁷En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.

⁸Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is — watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees — daarop moet julle julle gedagtes rig.

⁹En wat julle van my geleer en ontvang het, en gehoor en gesien het, dit moet julle doen. En God wat vrede gee, sal by julle wees.

Dank vir liefdegawes van die gemeente

¹⁰Ek was baie bly in die Here dat julle na so 'n lang tyd weer gewys het dat julle nog aan my dink. Nie dat julle my ooit vergeet het nie, julle het net nie die kans gehad om iets te doen nie.

¹¹Ek sê dit nie omdat ek gebrek ly nie, want ek het geleer om my in alle omstandighede te behelp.

¹²Ek weet wat armoede is en ek weet wat oorvloed is; van alles het ek ondervinding: om genoeg te hê om te eet sowel as om honger te ly, om oorvloed te hê sowel as om gebrek te ly.

¹³Ek is tot alles in staat deur Hom wat my krag gee.

¹⁴Nietemin het julle goed gedoen deur my in my moeilike omstandighede by te staan.

¹⁵Julle in Filippi weet ook dat in die begin van my evangelieprediking, na my vertrek uit Masedonië, geen enkele gemeente behalwe julle 'n aandeel gehad het aan my rekening van inkomste en uitgawe nie.

¹⁶Ook toe ek in Tessalonika was, het julle meer as een maal iets vir my behoeftes gestuur.

¹⁷Dit gaan vir my egter nie om die gawe nie, maar om die vrug daarvan: daardeur word julle self ryker.

¹⁸Maar ek het alles ontvang en ek het meer as genoeg. Noudat ek van Epafroditos ontvang het wat julle gestuur het, het ek alles wat ek nodig het. Julle gawe is voor God 'n offer met lieflike geur, vir Hom aanneemlik en welgevallig.

¹⁹En my God sal in elke behoefte van julle ryklik voorsien volgens sy wonderbaarlike rykdom in Christus Jesus.

²⁰Aan ons God en Vader behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Groete

²¹Groete aan almal wat aan God behoort deur Christus Jesus. Die broers hier by my stuur vir julle groete.

²²Ook al die gelowiges en veral dié wat aan die huis van die keiser verbonde is, stuur vir julle groete.

²³Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees.

Kolossense

Kolossense 1

¹Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, en van die broer Timoteus.

²Aan almal in Kolosse wat aan God behoort, getroue broers in Christus. Genade en vrede vir julle van God ons Vader!

Ons dank God vir julle

³Wanneer ons tot God, die Vader van ons Here Jesus Christus, bid, dank ons Hom altyd vir julle

⁴omdat ons gehoor het van julle geloof in Christus Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges.

⁵Hierdie geloof en liefde is gegrond op die hoop wat vir julle in die hemel bewaar word en waarvan julle reeds gehoor het toe die waarheid, die evangelie, aan julle verkondig is.

⁶Die evangelie het julle bereik, en net soos dit in die hele wêreld vrug voortbring en verder versprei, gebeur dit ook by julle van die dag af dat julle van God se genade gehoor het en dit leer ken het soos dit werklik is.

⁷Julle is daarin onderrig deur Epafras, ons geliefde medewerker en 'n getroue dienaar van Christus in julle belang.

⁸Dit is ook hy wat ons vertel het van die liefde wat deur die Gees in julle gewek is.

Ons bid vir julle

⁹Daarom, van die dag af dat ons van julle gehoor het, hou ons ook nie op om vir julle te bid nie. Ons vra God dat Hy deur al die wysheid en insig wat die Gees gee, julle sy wil duidelik sal laat ken,

¹⁰sodat julle tot eer van die Here sal lewe deur net te doen wat Hy verlang. Mag julle vrugte dra deur goeie werke en toeneem in die kennis van God.

¹¹Mag God deur sy wonderbare krag julle alle sterkte gee om in alle omstandighede geduldig te volhard.

¹²Met blydschap moet julle die Vader dank wat julle geskik gemaak het om deel te hê aan die erfenis wat vir die gelowiges wag in die ryk van die lig.

¹³Hy het ons uit die mag van die duisternis weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet.

¹⁴Deur die Seun het ons die verlossing verkry, die vergewing van ons sondes.

Die voorrang van die Seun

¹⁵Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping.

¹⁶God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep.

¹⁷Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand.

¹⁸Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem.

¹⁹God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon

²⁰en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.

God het ook julle met Homself versoen

²¹Ook julle was voorheen ver van God af en vyandiggesind teenoor Hom, soos blyk uit julle sondige lewenswyse.

²²Maar nou het Hy ook julle met Homself versoen deurdat sy Seun as mens gesterwe het om julle heilig, sonder smet en onberispelik voor Hom te stel.

²³Maar dan moet julle vas en sterk bly staan in die geloof en julle nie laat losruk van die hoop wat in julle gewek is deur die evangelie wat julle gehoor het nie.

Dit is die evangelie wat aan al die mense op die aarde verkondig is en waarvan ek, Paulus, 'n dienaar geword het.

Paulus se diens in belang van die kerk

²⁴Ek is nou bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan ter wille van sy liggaam, die kerk,

²⁵waarvan ek 'n dienaar geword het volgens die opdrag wat God my gegee het om sy woord ten volle aan julle bekend te maak.

²⁶Dit is die geheimenis wat eeue en geslagte lank verborge was, maar wat nou geopenbaar is aan die mense wat aan Hom behoort.

²⁷God het besluit om aan hulle bekend te maak hoe seënryk en heerlik hierdie geheimenis vir die nasies is. Die inhoud daarvan is: Christus is in julle, Hy is julle hoop op die heerlijkheid.

²⁸Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer, sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring.

²⁹Daarvoor span ek my ook in en beywer ek my met die krag wat Hy gee en wat kragtig in my werk.

Kolossense 2

Waarskuwing teen misleiding

¹Ek wil hê julle moet weet hoe sterk ek my beywer vir julle en vir die gelowiges in Laodisea en vir al die ander wat my ook nog nie persoonlik gesien het nie.

²My doel daarmee is dat hulle bemoedig moet word. Hulle moet met liefde aan mekaar verbind wees en saam strewe na diep en volledige insig, sodat hulle God se geheimenis kan ken. Die geheimenis is Christus,

³en in Hom is al die verborge skatte van wysheid en kennis te vind.

⁴Ek beklemtoon dit, sodat niemand julle met vals redenasies mislei nie.

⁵Al is ek nou nie persoonlik daar nie, is ek tog in die gees by julle en is ek bly om te sien dat julle die goeie orde handhaaf en dat julle geloof in Christus stewig vas staan.

Lewe in verbondenheid met Christus Jesus

⁶Aangesien julle dan Christus Jesus as Here aangeneem het, moet julle in verbondenheid met Hom lewe,

⁷in Hom gewortel en op Hom gebou, vas in die geloof soos julle geleer is, en met dankbaarheid vervul.

⁸Pas op dat niemand julle van Hom af wegvoer deur teorieë en argumente wat misleidend is nie. Dit is dinge wat berus op die oorlewering van mense, op wettiese godsdienstige reëls en nie op Christus nie.

⁹In Hom is die volle wese van God beliggaam,

¹⁰en in verbondenheid met Hom deel julle in sy volheid. Hy is die hoof oor elke mag en gesag.

¹¹Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens.

¹²Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het.

¹³Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.

¹⁴Hy het die skuldbewys met sy eise teen ons tot niet gemaak. Deur dit aan die kruis te spyker, het Hy dit vir goed weggeneem.

¹⁵Hy het elke mag en gesag ontwapen en hulle in die openbaar vertoon deur hulle as gevangenes in die triomftog van Christus mee te voer.

Moenie dat iemand julle mislei nie

¹⁶Daarom moet julle nie dat iemand vir julle voorskrywe wat julle moet eet en drink nie, of dat julle die jaarlikse feeste of die nuwemaansfees of die sabbatdag moet vier nie.

¹⁷Dit is alles maar net die skaduwee van wat sou kom; die werklikheid is Christus.

¹⁸Moenie dat iemand wat behae skep in danige nederigheid en in die aanbidding van engele en wat voorgee dat hy allerhande visioene gesien het, julle daarmee mislei nie. So iemand verhef hom oor wat hy in eiewaan van homself dink,

¹⁹en hy hou nie aan die hoof, aan Christus, vas nie. Uit Christus groei die hele liggaam, ondersteun deur die gewigte en saamgebind deur die spiere, soos God dit laat groei.

Julle het saam met Christus gesterwe

²⁰Julle het saam met Christus gesterwe en is dus dood vir die wettiese godsdienstige reëls van hierdie wêreld. Waarom lewe julle dan nog asof julle aan hierdie wêreld behoort? Waarom gehoorsaam julle allerhande voorskrifte

²¹soos: “Hieraan mag jy nie vat nie! ” “Daaraan mag jy jou mond nie sit nie! ” “Daaraan mag jy nie raak nie! ”?

²²Dit gaan alles oor dinge wat bedoel is om gebruik te word en te vergaan, en dit is maar net gebooie en leerstellings van mense.

²³Hierdie leerstellings het wel 'n skyn van wysheid met hulle selfgemaakte godsdiens, danige nederigheid en streng beheersing van die liggaam, maar dit het geen waarde vir die betueling van die sondige drifte nie.

Kolossense 3

Julle is saam met Christus uit die dood opgewek

¹Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit.

²Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie,

³want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.

⁴Wanneer Christus, wat julle lewe is, by sy wederkoms verskyn, sal julle ook saam met Hom verskyn en in sy heerlikheid deel.

Die ou en die nuwe lewe

⁵Daarom moet julle die aardse dinge doodmaak wat nog deel van julle lewe is: onsedelikheid, onreinheid, wellus, slegte begeertes, en gierigheid, wat afgodery is.

⁶Deur sulke dinge kom die straf van God oor die mense wat aan Hom ongehoorsaam is.

⁷Vroeër het julle ook aan dié dinge meegedoen toe julle nog daarin gelewe het.

⁸Maar nou moet julle al hierdie dinge laat staan: woede, haat, nyd en gevloek. Vuil taal moet daar nie uit julle mond kom nie,

⁹en moenie vir mekaar lieg nie. Julle het met die ou, sondige mens en sy gewoontes gebreek

¹⁰en leef nou die lewe van die nuwe mens, wat al hoe meer vernuwe word na die beeld van sy Skepper en tot die volle kennis van God.

¹¹Hier is dit nie van belang of iemand Griek of Jood is nie, besny of nie besny nie, andertalig, onbeskaaf, slaaf of vry nie. Hier is Christus alles en in almal.

¹²Julle is die uitverkore volk van God wat Hy baie liefhet. Daarom moet julle meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig en verdraagsaam wees.

¹³Wees geduldig met mekaar en vergewe mekaar as die een iets teen die ander het. Soos die Here julle vergewe het, moet julle mekaar ook vergewe.

¹⁴Bo dit alles moet julle mekaar liefhê. Dit is die band wat julle tot volmaakte eenheid saambind.

¹⁵En die vrede wat Christus gee, moet in julle lewens die deurslag gee. God het julle immers geroep om as lede van een liggaam in vrede met mekaar te lewe. Wees altyd dankbaar.

¹⁶Die boodskap van Christus moet in sy volle rykdom in julle bly. Leer en onderrig mekaar met alle wysheid. Met dankbaarheid in julle harte moet julle psalms, lofgesange en ander geestelike liedere tot eer van God sing.

¹⁷En wat julle ook al sê of doen, sê en doen dit alles in die Naam van die Here Jesus en dank God die Vader deur Hom.

Wedersydse verhoudings

(Vgl. Ef. 5:22 -- 6:9; 1 Pet. 2:18 -- 3:7)

¹⁸Vrouens, wees aan julle mans onderdanig soos dit pas by mense wat in die Here glo.

¹⁹Mans, julle moet julle vrouens liefhê, moenie die lewe vir hulle bitter maak nie.

²⁰Kinders, wees in alles aan julle ouers gehoorsaam, want die Here verlang dit van kinders wat in Hom glo.

²¹Vaders, moenie gedurig by julle kinders fout soek dat hulle moedeloos word nie.

²²Slawe, wees in alles gehoorsaam aan julle eenaars hier op aarde. Moenie net werk om deur hulle raakgesien te word en so in mense se guns te kom nie, maar werk met 'n opregte hart uit eerbied vir die Here.

²³Wat julle ook al doen, doen dit van harte soos vir die Here en nie vir mense nie,

²⁴omdat julle weet dat julle van die Here as beloning sal kry wat Hy belowe het. Christus is die Here in wie se diens julle staan.

²⁵Wie onreg doen, sal gestraf word oor die onreg wat hy gedoen het; die Here trek niemand voor nie.

Kolossense 4

¹Eenaars, behandel julle slawe reg en billik in die wete dat julle ook onder iemand staan, onder die Here in die hemel.

Bid en tree met wysheid op

²Volhard in die gebed! Wees daarby waaksaam en dankbaar

³en bid tegelykertyd ook vir ons. Bid dat God vir ons 'n deur vir die woord oopmaak sodat ons die geheimenis van Christus kan verkondig waarvoor ek hier gevange sit.

⁴Bid dat ek dit duidelik sal verkondig soos dit my opgelê is.

⁵Tree met wysheid op teenoor die mense wat nog buite die gemeente is. Maak die beste gebruik van elke geleentheid.

⁶Wat julle sê, moet altyd vriendelik wees en van goeie smaak getuig; en julle moet weet hoe julle elkeen behoort te antwoord.

Moenie oor my bekommerd wees nie

⁷Tigikus, die medegelowige wat ek baie lief het, sal julle alles vertel van hoe dit met my gaan. Hy is 'n getroue dienaar en werk saam met my in diens van die Here.

⁸Ek stuur hom na julle toe juis sodat julle kan hoor hoe dit hier by ons gaan en sodat hy die kommer in julle gemoed kan wegneem.

⁹Onesimus, die getroue medegelowige wat ek baie lief het en wat een van julle is, gaan saam met hom. Hulle sal julle alles vertel van hoe dit hier gaan.

Groete

¹⁰Aristargos, wat hier saam met my gevange sit, stuur vir julle groete; ook Markus, die neef van Barnabas. Oor hom het julle reeds opdragte gekry: as hy daar by julle kom, moet julle hom gasvry ontvang.

¹¹Verder stuur Jesus, wat ook Justus genoem word, groete. Hulle drie is die enigste Jode wat saam met my werk vir die koninkryk van God. Hulle is vir my 'n groot troos.

¹²Epafras, wat een van julle is, stuur vir julle groete. Hy staan in diens van Christus Jesus en bid altyd ernstig vir julle dat julle staande mag bly, geestelik volwasse en in alles volkome gehoorsaam aan die wil van God.

¹³Ek kan van hom getuig dat hy baie vir julle doen asook vir die gelowiges in Laodisea en in Hiërapolis.

¹⁴Lukas, die dokter wat ek baie lief het, en Demas stuur vir julle groete.

¹⁵Dra my groete oor aan die gelowiges in Laodisea en aan Nimfa en die gemeente wat gereeld in haar huis bymekaarkom.

¹⁶Wanneer hierdie brief klaar by julle voorgelees is, moet julle reëlings tref dat dit ook in die gemeente van die Laodisense voorgelees kan word; en die een wat van Laodisea af sal kom, moet ook by julle voorgelees word.

¹⁷En sê vir Argippus: “Gee jou aandag aan die taak wat jy in diens van die Here aanvaar het, sodat jy dit kan voltooi.”

¹⁸Nou skrywe ek met my eie hand. Groete, Paulus. Dink aan my waar ek hier gevange sit. Die genade sal by julle wees.

1 Tessalonisense

1 Tessalonisense 1

¹Van Paulus, Silvanus en Timoteus. Aan die gemeente van die Tessalonisense, wat aan God die Vader en die Here Jesus Christus behoort. Genade en vrede vir julle!

Die voorbeeld van die Tessalonisense

²Ons dank God altyd vir julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink. Sonder ophou

³bring ons dan voor God ons Vader in herinnering die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus.

⁴Broers, ons weet dat God julle wat Hy liefhet, uitverkies het,

⁵want die evangelie wat ons aan julle verkondig het, het nie bloot met woorde tot julle gekom nie, maar ook met krag en deur die Heilige Gees en met volle oortuiging. Julle weet trouens hoe ons by julle opgetree het, en dít om julle ontwil.

⁶En julle het ons voorbeeld gevolg en volgelinge van die Here geword. In baie moeilike omstandighede het julle die woord aangeneem met 'n blydschap wat van die Heilige Gees kom.

⁷So het julle 'n voorbeeld geword vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje.

⁸Van julle af is die woord van die Here in Masedonië en in Agaje verkondig, en oral het die mense gehoor van julle geloof in God, sodat dit nie vir ons nodig is om nog iets daaroor te sê nie.

⁹Die mense vertel self hoe julle ons ontvang het en hoe julle julle van die afgode tot God bekeer het en nou die lewende en ware God dien

¹⁰en dat julle sy Seun wat Hy uit die dood opgewek het, uit die hemel verwag, Jesus deur wie ons gered word van die oordeel wat kom.

1 Tessalonisense 2

Paulus se werk in Tessalonika

- ¹Julle weet tog self, broers, dat ons koms na julle toe nie op 'n mislukking uitgeloop het nie.
- ²Inteendeel, al is ons kort tevore in Filippi beledig en mishandel, soos julle weet, het ons God ons die moed gegee om sy evangelie aan julle te verkondig ondanks felle teenkanting.
- ³Ons prediking berus immers nie op dwaling nie, kom ook nie voort uit onsuiwer beweegredes nie en is sonder enige bybedoelings.
- ⁴Nee, God het ons gekeur en die evangelie aan ons toevertrou, en so verkondig ons dit dan ook. Ons wil nie die guns van mense probeer wen nie, maar doen wat God verwag, Hy wat ons diepste gedagtes toets.
- ⁵Met vleitaal het ons ons nooit opgehou nie, soos julle trouens weet. Hebsug was nooit ons verborge motief nie; daarvan is God ons getuie.
- ⁶Ons het nooit daarna gestreef dat mense ons sou eer nie, of dit nou julle is of ander
- ⁷al kon ons as apostels van Christus allerhande eise aan julle gestel het. Ons was liefdevol en sag teenoor julle soos 'n ma wat haar kinders vertroetel.
- ⁸So geheg is ons aan julle dat ons nie net die evangelie van God aan julle gegee het nie, maar ook ons lewe vir julle sou wou gee, want ons het julle lief gekry.
- ⁹Julle onthou immers nog, broers, hoe ons geswoeg en gesweet het. Dag en nag het ons gewerk om nie vir enigeen van julle 'n las te wees terwyl ons die evangelie van God aan julle verkondig het nie.
- ¹⁰Julle, en ook God, is getuie van hoe suiwer, reg en onberispelik ons ons gedra het teenoor julle wat glo.
- ¹¹Net so weet julle ook hoe ons elkeen van julle behandel het: soos 'n pa sy kinders

¹²het ons julle elkeen bemoedig en aangespoor en dit op die hart gedruk om tot eer van God te lewe, Hy wat julle roep om in sy koninkryk in te gaan en so aan sy heerlikheid deel te hê.

¹³Ons dank God dan ook gedurig daarvoor dat julle die boodskap van God wat julle van ons gehoor het, ontvang en aangeneem het in die oortuiging dat dit nie mensewoorde is nie, maar die woord van God. En dit is ook inderdaad die woord van God, soos die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys.

¹⁴Broers, dit het met julle gegaan soos met die gemeentes van God in Judea, hulle wat aan Christus Jesus behoort: julle moes van julle volksgenote dieselfde behandeling verduur as wat die gelowiges in Judea onder die Jode moes ly.

¹⁵Dit is die Jode deur wie die Here Jesus en die profete doodgemaak en ons vervolgd is. Wat God wil, doen hulle nie, en hulle is vyandig teenoor alle mense;

¹⁶hulle probeer verhoed dat ons aan die heidene die boodskap bring waardeur hulle gered kan word. Die Jode het nog altyd gesondig, maar nou het hulle die maat van hulle sondes vol gemaak. Nou is dit klaar: die oordeel van God het hulle begin tref.

Paulus se begeerte om weer die gemeente te besoek

¹⁷Wat ons betref, broers, toe ons nog maar 'n kort rukkie van julle geskei was — wel uit die oog, maar nie uit die hart nie — het ons so baie na julle verlang dat ons alles in ons vermoë gedoen het om julle weer te sien.

¹⁸Daarom wou ons weer na julle toe kom; ek, Paulus, het keer op keer probeer kom, maar die Satan het ons verhinder.

¹⁹Wie anders tog as julle is ons hoop en ons blydschap, die kroon op ons werk waarop ons trots sal wees wanneer ons met sy wederkoms voor die Here Jesus sal verskyn?

²⁰Julle is immers ons trots en ons blydschap!

1 Tessalonisense 3

¹Toe ons dit nie langer kon uithou nie, het ons besluit om alleen in Atene agter te bly.

²Ons het vir Timoteus, ons broer en medewerker in diens van God, wat saam met ons die evangelie van Christus verkondig, na julle toe gestuur om julle in julle geloof te versterk en moed in te praat

³sodat nie een van julle onder die vervolginge sou begin wankel nie. Dat ons ter wille van ons geloof vervolg sal word, staan vas. Dit weet julle.

⁴Toe ons nog by julle was, het ons julle al gewaarsku dat ons vervolg sal word, en soos julle weet, het dit ook gebeur.

⁵Toe ek dus nie langer kon uithou nie, het ek vir Timoteus gestuur om vas te stel hoe dit met julle geloof staan: of die verleier julle nie reeds verlei het en al ons harde werk dalk op niks uitgeloop het nie.

⁶Nou is Timoteus van julle af terug by ons, en hy het ons die goeie nuus gebring van julle geloof en liefde. Hy het ons vertel dat julle nog altyd die aangenaamste herinneringe aan ons het en dat julle net so na ons verlang as ons na julle.

⁷Daarom, broers, het ons in al ons nood en swaarkry weer moed geskep vir julle omdat julle nog glo.

⁸Omdat julle vas staan in die Here, leef ons nou weer werklik.

⁹Hoe kan ons na behore aan ons God die dank bring vir al die blydskap wat ons voor Hom oor julle het?

¹⁰Dag en nag bid ons met ons hele hart om julle weer persoonlik te mag sien en om aan te vul wat nog aan julle geloof ontbreek.

¹¹Mag God ons Vader self en ons Here Jesus ons pad na julle toe oopmaak!

¹²En mag die Here julle liefde vir mekaar en vir alle mense laat groei en oorvloedig maak, net soos ons liefde vir julle.

¹³So sal Hy julle innerlik sterk maak dat julle onberispelik en heilig voor God ons Vader sal staan wanneer ons Here Jesus kom saam met al sy heilige engele. Amen.

1 Tessalonisense 4

'n Lewe volkome aan God toegewy

- ¹En nou het ons nog iets anders om van julle te vra, broers. Julle het van ons geleer hoe God wil hê julle moet lewe. Julle doen dit ook, maar in die Naam van die Here Jesus versoek ons julle dringend: Lê julle nog meer daarop toe.
- ²Julle ken die voorskrifte wat ons op gesag van die Here Jesus aan julle oorgedra het.
- ³Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid.
- ⁴Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe;
- ⁵julle moenie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie.
- ⁶Ook mag niemand hom in hierdie verband te buite gaan en sy broer bedrieg nie, want die Here straf al sulke dinge. So het ons julle trouens al vroeër gewaarsku; ons het julle nadruklik hierop gewys.
- ⁷God het ons nie geroep om onsedelik te lewe nie, maar om heilig te lewe.
- ⁸Wie hierdie voorskrifte verwerp, verwerp dus nie maar net 'n mens nie, hy verwerp God wat ook sy Heilige Gees aan julle gegee het.
- ⁹Oor broederliefde hoef ons nie aan julle te skrywe nie, want julle is self deur God geleer om mekaar lief te hê.
- ¹⁰En dit doen julle dan ook teenoor al die broers in die hele Masedonië. Ons versoek julle egter dringend, broers: Lê julle nog meer daarop toe.
- ¹¹Laat dit vir julle 'n saak van eer wees om rustig te lewe, julle met julle eie sake besig te hou en self in julle lewensonderhoud te voorsien, soos ons dit aan julle voorgehou het.
- ¹²Dan sal julle eerbare leefwyse die agting van die mense buite die gemeente afdwing, en julle sal van niemand afhanklik wees nie.

Die opstanding uit die dood

¹³Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie.

¹⁴Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem.

¹⁵Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie.

¹⁶Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan;

¹⁷daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees.

¹⁸Troos mekaar dan met hierdie woorde.

1 Tessalonisense 5

Die wederkoms van die Here

¹Oor die tyd en omstandigheid wanneer hierdie dinge sal gebeur, is dit nie nodig om aan julle te skrywe nie, broers.

²Julle weet self maar alte goed dat die dag van die Here onverwags kom soos 'n dief in die nag.

³Wanneer die mense sê: “Alles is rustig en veilig,” sal die ondergang hulle skielik oorval soos geboortepyne 'n swanger vrou, en niemand sal ontkom nie.

⁴Maar, broers, julle leef nie in die duisternis nie; dié dag sal julle nie soos 'n dief oorval nie.

⁵Julle is tog almal mense van die lig, mense van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie.

⁶Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons wakker bly en nugter wees.

⁷Dié wat slaap, is van die nag; en dié wat hulle dronk drink, is van die nag.

⁸Maar ons wat van die dag is, moet nugter wees; ons moet geloof en liefde as borsharnas dra en die hoop op verlossing as helm.

⁹God het ons tog nie bestem om gestraf te word nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlos te word.

¹⁰Hy het ter wille van ons gesterwe, sodat ons, of ons by sy koms nog lewe of reeds dood is, saam met Hom kan lewe.

¹¹Praat mekaar moed in en versterk mekaar dan met hierdie woorde, soos julle trouens reeds doen.

Laaste opdragte

¹²Broers, ons vra julle: Erken die mense wat so hard onder julle werk en julle in opdrag van die Here lei en teregwys.

¹³Betoon in liefde die hoogste agting aan hulle ter wille van hulle werk. Leef in vrede met mekaar.

¹⁴Ons druk julle dit op die hart, broers: Wys die leeglêers onder julle tereg, praat die kleinmoediges moed in, help die swakkes, wees met almal geduldig.

¹⁵Sorg dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liewer altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.

¹⁶Wees altyd bly.

¹⁷Bid gedurig.

¹⁸Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.

¹⁹Moenie die werking van die Heilige Gees teenstaan nie.

²⁰Moenie profesieë geringskat nie,

²¹maar toets dit alles, behou wat goed is,

²²en bly weg van alles wat sleg is.

²³Mag God, wat vrede gee, julle volkome aan Hom toegewyd maak en julle geheel en al, na gees, siel en liggaam, so bewaar dat julle onberispelik sal wees wanneer ons Here Jesus Christus weer kom!

²⁴Hy sal dit ook doen, want Hy wat julle roep, is getrou.

²⁵Broers, bid ook vir ons.

²⁶Groet al die medegelowiges met 'n soen van Christelike broederskap.

²⁷In die Naam van die Here dring ek by julle daarop aan dat hierdie brief aan al die gelowiges voorgelees word.

²⁸Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle wees.

2 Tessalonisense

2 Tessalonisense 1

¹Van Paulus, Silvanus en Timoteus. Aan die gemeente van die Tessalonisense wat aan God ons Vader en die Here Jesus Christus behoort.

²Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Die oordeel met die wederkoms van Christus

³Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer.

⁴Daarom praat ons met trots van julle in al die gemeentes van God en vertel ons van julle volharding en geloof onder al die vervolging en lyding wat julle moet verduur.

⁵Dit alles is 'n bewys van die regverdige oordeel van God, naamlik dat Hy julle geskik geag het vir sy koninkryk, waarvoor julle nou ook ly.

⁶God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly;

⁷en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele

⁸in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie.

⁹Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag.

¹⁰Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo.

¹¹Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak.

¹²So sal die Naam van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom, in ooreenstemming met die genade van ons God en van die Here Jesus Christus.

2 Tessalonisense 2

Die wettelose mens

¹En nou, broers, wat betref die wederkoms van ons Here Jesus Christus en ons hereniging met Hom, het ek 'n ernstige versoek aan julle:

²Moenie so gou verward raak of van stryk gebring word as iemand vir julle sou sê die dag van die Here is al hier nie — of dit nou vir julle gesê word in 'n profetiese uitspraak of in 'n preek of in 'n brief wat sogenaamd van ons afkomstig sou wees.

³Laat niemand julle op watter manier ook al mislei nie. Die dag van die Here sal nie aanbreek voordat die laaste afvalligheid gekom het en die wettelose mens wat vir die verderf bestem is, sy verskyning gemaak het nie.

⁴Hy sal hom verset teen al wat God genoem word of wat as heilig vereer word, en hy sal hom bo hulle verhef. Hy sal selfs in die tempel van God gaan sit en voorgee dat hy God is.

⁵Onthou julle nie dat ek dit herhaaldelik vir julle gesê het toe ek nog by julle was nie?

⁶En julle weet nou wat hom nog teëhou, sodat hy eers as dit sy tyd is, sy verskyning sal maak.

⁷Die geheime krag van die wetteloosheid is al aan die werk, maar die een wat die wettelose teëhou, moet eers uit die weg wees,

⁸en dan sal die wettelose self op die toneel verskyn. Maar wanneer die Here Jesus kom, sal Hy hom met die asem uit sy mond verdelg en deur die glans van sy verskyning vernietig.

⁹Deur die werking van die Satan sal die verskyning van die wettelose gepaard gaan met groot magsvertoon en allerhande vals tekens en wonders

¹⁰en met gruwelike misleiding van dié wat verlore gaan, omdat hulle nie die waarheid liefgehad en tot hulle redding aanvaar het nie.

¹¹Dit is ook waarom God hulle aan die mag van die dwaling oorgee, sodat hulle die leuen sal glo.

¹²En so sal almal wat nie die waarheid geglo het nie, maar die ongeregtigheid verkies het, veroordeel word.

Aan God die dank

¹³Ons moet God altyd vir julle dank, broers. Die Here het julle lief, en God het julle uitverkies om van die eerstes te wees wat gered word. Julle is gered deurdat die Gees julle vir Hom afgesonder het en deurdat julle die waarheid glo.

¹⁴Hy het julle hiertoe geroep deur die evangelie wat ons aan julle verkondig het, sodat julle deel kan kry aan die heerlikheid van ons Here Jesus Christus.

¹⁵Wees dan standvastig, broers, en hou vas aan die leer wat ons aan julle oorgedra het, of dit deur ons prediking of deur 'n brief was.

¹⁶⁻¹⁷En mag julle in al die goeie wat julle in woord en daad doen, bemoedig en gesterk word deur ons Here Jesus Christus en God ons Vader. Hy het aan ons sy liefde bewys en aan ons deur sy genade 'n blywende troos en goeie hoop gegee.

2 Tessalonisense 3

Bid vir ons

¹Verder, broers, bid vir ons, sodat die woord van die Here vinnig mag versprei en oral in ere gehou mag word soos by julle.

²Bid ook dat ons van verkeerde en slegte mense verlos word, want nie almal is gelowiges nie.

³Die Here is getrou; Hy sal julle versterk en julle van die Bose bewaar.

⁴Deur die Here het ons vertrou in julle dat julle doen en sal doen wat ons julle voorhou.

⁵Mag die Here julle gedagtes rig op die liefde van God en die volharding van Christus!

Die plig om te werk

⁶Ons beveel julle, broers, in die Naam van ons Here Jesus Christus: Onttrek julle aan elke broer wat leeglê en hom nie hou aan die opdragte wat julle van ons ontvang het nie.

⁷Julle weet self watter voorbeeld ons vir julle gestel het om te volg. Ons het nie daar by julle leeggelê

⁸of op ander geteer nie. Inteendeel, ons het dag en nag geswoeg en gesweet om nie vir een van julle 'n las te wees nie.

⁹Nie dat ons nie die reg het op onderhoud van julle nie, maar ons wou vir julle 'n voorbeeld wees wat julle moet volg.

¹⁰Toe ons nog by julle was, het ons vir julle uitdruklik gesê: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.”

¹¹Ons sê dit omdat ons verneem dat daar mense by julle is wat leeglê, wat self nie werk nie en hulle net met ander se sake bemoei.

¹²Sulke mense beveel en gebied ons op gesag van die Here Jesus Christus dat hulle hulle aandag by hulle werk moet bepaal en hulle eie brood verdien.

¹³Wat julle betref, broers: Moenie moeg word om goed te doen nie.

¹⁴En as iemand nie ons bevele, soos ons dit in hierdie brief vir julle gee, gehoorsaam nie, sonder dan daardie man af en vermy hom, dat hy kan skaam kry.

¹⁵Moet hom egter nie soos 'n vyand behandel nie, maar wys hom tereg soos 'n broer.

Seën

¹⁶Mag die Here, wat vrede gee, julle altyd in alle opsigte vrede gee! Die Here sal by julle almal wees!

¹⁷Nou skryf ek met my eie hand. Groete, Paulus. So teken ek elke brief. Dit is my handskrif.

¹⁸Die genade van ons Here Jesus Christus sal by julle almal wees!

1 Timoteus

1 Timoteus 1

¹Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus in opdrag van God ons Verlosser en van Christus Jesus ons Hoop.

²Aan Timoteus, my eie kind in die geloof. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!

Waarskuwing teen vals leerstellings

³Soos by my vertrek na Masedonië toe, dring ek nou weer by jou daarop aan om in Efese te bly. Daar is sekere mense wat vals leerstellings versprei, en jy moet hulle dit verbied.

⁴Hulle moet hulle nie met verdigsels en eindelose geslagsregisters besig hou nie. Sulke dinge gee eerder aanleiding tot twisgesprekke as dat dit die vorming bevorder wat God deur die geloof gee.

⁵Die doel van hierdie opdrag is om liefde te wek wat uit 'n rein hart, 'n goeie gewete en 'n opregte geloof kom.

⁶Daar is mense wat hiervan afgedwaal het en in 'n vrugtelose gepraat verval het.

⁷Hulle wil leermeesters in die wet wees, maar hulle verstaan nie hulle eie woorde of die dinge waaroor hulle so selfversekerd praat nie.

⁸Ons weet dat die wet goed is as 'n mens dit op die regte manier gebruik.

⁹'n Mens moet onthou dat die wet nie vir die wetsgehoorsame bedoel is nie, maar vir mense wat hulle nie aan wet en orde steur nie, goddeloses en sondaars, mense sonder eerbied vir wat heilig en gewyd is, dié wat vader of moeder doodmaak, moordenaars,

¹⁰ontugtiges, mense wat homoseksualiteit beoefen, ontvoerders, leuenaars, dié wat meened pleeg of enigiets anders doen wat met die gesonde leer in stryd is.

¹¹Die gesonde leer is in ooreenstemming met die evangelie wat aan my toevertrou is, die evangelie van die heerlijkheid van die goeie God.

Dank vir die genade van God

¹²Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in sy diens te stel,

¹³al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar God was genadig teenoor my omdat ek in my ongeloof nie geweet het wat ek doen nie.

¹⁴Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.

¹⁵Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word: Christus Jesus het in die wêreld gekom om sondaars te verlos. Van hulle is ek die grootste.

¹⁶Maar juis daarom was God my genadig sodat Christus Jesus aan my, as die grootste sondaar, al sy verdraagsaamheid sou betoon en ek 'n voorbeeld kon wees vir almal wat in die toekoms in Hom sou glo om die ewige lewe te verkry.

¹⁷Aan Hom wat vir ewig Koning is, die onverganklike, onsienlike, enigste God, kom toe die eer en die heerlijkheid tot in alle ewigheid! Amen.

¹⁸Hierdie opdrag gee ek aan jou, Timoteus, my kind, in ooreenstemming met die profesieë wat vroeër oor jou uitgespreek is. Met hierdie woorde in gedagte, moet jy die goeie stryd stry.

¹⁹Hou vas aan die geloof en behou 'n goeie gewete. Omdat sommige hulle gewete onderdruk het, het hulle geloof skipbreuk gely.

²⁰Onder hulle is daar Himeneus en Aleksander, wat ek aan die Satan oorgegee het, sodat hulle daardeur kan leer om God nie te laster nie.

1 Timoteus 2

Onderrig oor die gebed

¹Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebed moet word vir alle mense,

²vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.

³So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser,

⁴wat wil hê dat alle mense gered word en tot kennis van die waarheid kom.

⁵Daar is immers net een God, en daar is net een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus

⁶wat Homself as 'n losprys vir almal gegee het. Dit was op die bestemde tyd die bewys van die bedoeling van God.

⁷Met die oog hierop is ek aangestel as prediker en apostel, as 'n leraar om die heidennasies te onderrig in die boodskap van die geloof en die waarheid. Ek praat die waarheid, ek lieg nie.

Pligte van mans en vroue in die gemeente

⁸Ek wil dus hê dat die mans by elke plek van samekoms met 'n skoon gewete hande in gebed tot God moet ophef, vry van onmin en twis.

⁹Van die vroue wil ek hê dat hulle ook in hulle kleredrag waardig, beskeie en ingetoë moet wees. Hulle versiering moenie haarkapsels en goud of pêrels of duur klere wees nie,

¹⁰maar goeie werke, soos dit vroue betaam wat openlik bely dat hulle God dien.

¹¹'n Vrou moet in die erediens stil en onderdanig wees en haar laat leer.

¹²Ek laat haar nie toe om daar onderrig te gee of oor die man gesag uit te oefen nie; sy moet stil wees.

¹³Adam is immers eerste gemaak, Eva daarna.

¹⁴Dit is ook nie Adam wat verlei is nie, dit is die vrou wat haar laat verlei het en die gebod oortree het.

¹⁵Maar sy sal haar redding vind in moederskap, as sy maar volhard in geloof, liefde en 'n heilige lewe, en daarby beskeie bly.

1 Timoteus 3

Die ouderlinge van die gemeente

¹Dit is 'n waar woord: as iemand graag ouderling wil wees, begeer hy 'n voortreflike werk.

²'n Ouderling moet onberispelik wees, getrou aan sy vrou, nugter, verstandig, beskaaf, gasvry en bekwaam om te onderrig;

³hy moenie aan drank verslaaf of 'n rusiemaker wees nie, maar insiklik, vredeliewend en nie geldgierig nie.

⁴Hy moet sy eie huisgesin goed kan beheer en in alle opsigte op waardige wyse gesag oor sy kinders kan uitoefen.

⁵Immers, as iemand nie weet om sy eie huisgesin te beheer nie, hoe kan hy dan die sorg vir die gemeente van God op hom neem?

⁶Hy moet ook nie iemand wees wat maar onlangs tot geloof gekom het nie. So iemand kan verwaand word, en in die oordeel kom waarin die duiwel hom laat beland.

⁷Ook by die mense buite die gemeente moet hy as 'n goeie man bekend staan, sodat daar nie praatjies oor hom ontstaan en hy in 'n strik van die duiwel val nie.

Die diakens van die gemeente

⁸Net so moet diakens ook manne van goeie karakter wees. Hulle moenie uit twee monde praat nie en nie aan drank verslaaf of op oneerlike winsbejag uit wees nie.

⁹Hulle moet in alle opregtheid aan die geopenbaarde waarheid van die geloof vashou.

¹⁰Vooraf moet ondersoek ingestel word na hulle geskiktheid, en as niemand beswaar teen hulle inbring nie, kan hulle as diakens dien.

¹¹Net so moet vroue ook van goeie karakter wees, nie skinder nie, nugter en in alles betroubaar.

¹²'n Diaken moet aan sy vrou getrou wees en sy kinders en sy eie huisgesin goed beheer.

¹³Dié wat as diaken goed gedien het, verwerf vir hulleself 'n eervolle plek in die gemeente en groot vrymoedigheid in die geloof in Christus Jesus.

Die geopenbaarde waarheid van ons geloof

¹⁴Ek skryf hierdie dinge aan jou hoewel ek hoop om gou na jou toe te kom.

¹⁵Ingeval my koms vertraag word, sal jy dus weet hoe iemand hom moet gedra in die huisgesin van God, dit is die gemeente van die lewende God. Die gemeente is die draer en beskermmer van die waarheid.

¹⁶En dit staan bo alle teenspraak dat die geopenbaarde waarheid van ons godsdiens groot is: As mens het Jesus in die wêreld gekom, deur die Gees is bevestig dat die reg aan sy kant is, aan die engele het Hy verskyn; aan die heidennasies is Hy verkondig, in die hele wêreld is Hy geglo, en in heerlijkheid is Hy opgeneem.

1 Timoteus 4

Die afvalligheid in latere tye

¹Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bose geeste aanhang.

²Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is.

³Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik.

⁴Alles wat God gemaak het, is immers goed. Niks wat met danksegging ontvang word, is verwerplik nie,

⁵want dit word deur die woord van God en deur die gebed geheilig.

'n Goeie dienaar van Christus Jesus

⁶As jy hierdie dinge aan die broers voorhou, sal jy 'n goeie dienaar van Christus Jesus wees wat jouself voed met die woorde van die geloof en die goeie leer waarvan jy 'n aanhanger geword het.

⁷Maar van onheilige en sinlose verdigsels moet jy wegbly. Oefen jou liewer om in toewyding aan God te lewe.

⁸Om jou liggaam te oefen, het wel 'n bietjie waarde, maar om in toewyding aan God te lewe, het in alle opsigte groot waarde, want dit bevat 'n belofte van lewe, vir nou en die toekoms.

⁹Dit is 'n betroubare woord en kan sonder voorbehoud aanvaar word.

¹⁰Met hierdie vooruitsig span ons ons kragte in en stry ons, want ons het ons hoop op die lewende God gevestig, wat die Verlosser is van alle mense, van almal wat glo.

¹¹Hierdie dinge moet jy die mense beveel en leer.

¹²Niemand mag op jou neersien omdat jy jonk is nie, maar wees jy vir die gelowiges 'n voorbeeld in woord en gedrag, in liefde, geloof en reinheid.

¹³Totdat ek kom, moet jy jou daarop toelê om uit die Skrif voor te lees, te preek en onderrig te gee.

¹⁴Moenie die genadegawe wat jy het, verwaarloos nie. Dit is aan jou gegee deur die profesieë toe die raad van ouderlinge jou die hande opgelê het.

¹⁵Lê jou op hierdie dinge toe, leef daarin, sodat almal jou vordering kan sien.

¹⁶Let goed op jou lewe en jou leer, volhard daarin, want deur dit te doen, sal jy jouself red sowel as dié wat na jou luister.

1 Timoteus 5

Herderlike vermaning

¹'n Ouer man moet jy nie skerp tereg wys nie, maar vermaan asof hy jou vader is. Vermaan die jonger mans soos jou broers,

²die ouer vroue soos moeders, en die jonger vroue soos susters, in alle eerbaarheid.

Die weduwees

³Versorg die weduwees wat werklik alleen agtergelaat is.

⁴Maar as 'n weduwee kinders of kleinkinders het, moet die kinders leer om as gelowiges allereers hulle verpligtinge teenoor hulle eie familie na te kom en so hulle ouers en grootouers iets te vergoed. Dit is volgens die wil van God.

⁵'n Weduwee wat alleen agtergelaat is en niemand het om vir haar te sorg nie, vestig haar hoop volkome op God en volhard dag en nag met smeking en gebede.

⁶Maar 'n weduwee wat uitspattig lewe, is dood, al leef sy nog.

⁷Skerp ook hierdie dinge in, sodat almal onberispelik kan wees.

⁸As iemand nie vir sy eie mense en veral nie vir sy huisgesin sorg nie, het hy die geloof verloën en is hy slegter as 'n ongelowige.

⁹'n Weduwee kan op die lys van dienende weduwees kom as sy minstens sestig jaar oud is en aan haar man getrou was.

¹⁰Sy moet bekend wees om haar goeie dade, naamlik dat sy haar kinders goed opgevoed het, vreemdelinge gehuisves het, die voete van die gelowiges gewas het, die verdruktes gehelp het en goed gedoen het waar sy kon.

¹¹Jonger weduwees moet jy nie in die lys opneem nie. Hulle liggaamlike begeertes kan hulle daartoe bring om hulle af te wend van Christus af en weer te wil trou.

¹²Dan is hulle daaraan skuldig dat hulle hulle vroeëre belofte aan Hom verbreek het.

¹³Buitendien leer hulle om hulle tyd te verkwis deur net van die een huis na die ander rond te kuier. Hulle is nie net ledig nie, maar ook bemoeisiek en praatsiek, en hulle praat oor dinge waaroor nie gepraat moet word nie.

¹⁴Daarom verkies ek dat die jonger weduwees weer trou, kinders kry, hulle huise versorg en geen teenstander aanleiding gee om kwaad te praat van ons nie.

¹⁵Daar is reeds party wat agter die Satan aan afgewyk het.

¹⁶As 'n gelowige vrou weduwees in haar familie het, moet sy vir hulle sorg. Sy moet nie die las op die gemeente lê nie, sodat die gemeente die weduwees kan help wat alleen agtergelaat is.

Die ouderlinge

¹⁷Die ouderlinge wat goeie leiding gee, behoort dubbele erkenning te kry, veral dié wat hard werk deur te preek en onderrig te gee,

¹⁸want die Skrif sê: “Jy mag nie 'n bees waarmee jy graan dors, se bek toebind nie,” en ook: “Die arbeider is geregtig op sy loon.”

¹⁹'n Beskuldiging teen 'n ouderling moet jy nie aanneem nie, tensy dit deur twee of drie getuies bevestig word.

²⁰Dié wat verkeerde dinge doen, moet jy openlik bestraf sodat die ander ook afgeskrik kan word.

Ander opdragte

²¹Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus en die uitverkore engele om jou aan hierdie voorskrifte te hou sonder vooroordeel of partydigheid.

²²Moenie iemand oorhaastig die hande oplê en jou so aan die sondes van 'n ander medepligtig maak nie. Sorg dat jy onberispelik bly.

²³Moenie langer net water drink nie. Gebruik 'n bietjie wyn vir die maag en vir jou herhaalde ongesteldhede.

²⁴Party mense sondig so openlik dat hulle sondes hulle vooruitloop na die oordeel toe. By ander kom die sondes eers later aan die lig.

²⁵So is dit ook met goeie dade: almal kan dit sien. En dié wat nie sigbaar is nie, kan nie verborge gehou word nie.

1 Timoteus 6

Die slawe

¹Gelowiges wat as slawe onder 'n juk staan, moet hulle eienaars met alle eerbied bejeën, sodat niemand sal kwaad praat van die Naam van God en van die Christelike leer nie.

²Slawe wat gelowige eenaars het, moet aan hulle nie minder eerbied betoon omdat hulle saam broers is nie. Hulle moet hulle eerder beter dien omdat dié wat uit hulle werk voordeel trek, met hulle een is in geloof en liefde.

Vals leer en ware rykdom

Hierdie dinge moet jy aan die mense leer en dit by hulle inskerp.

³As iemand 'n ander leer verkondig en nie hou by die gesonde woorde van ons Here Jesus Christus en by die leer van ons godsdiens nie,

⁴is hy verwaand en weet hy niks. Hy het 'n sieklike beheptheid met twisvrae en met stryery oor woorde. Daaruit ontstaan afguns, twis, beledigings, gemene verdagmakery,

⁵voortdurende rusie van mense wat verstandelik verward en van die waarheid beroof is. Hulle dink dat die godsdiens iets is om geldelike wins mee te maak.

⁶Die godsdiens is 'n groot wins as iemand tevrede is met wat hy het,

⁷want ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie.

⁸As ons dan kos en klere het, moet ons daarmee tevrede wees.

⁹Maar dié wat ryk wil word, val in versoeking. Hulle loop hulle vas in die strik van baie sinlose en skadelike begeertes waardeur mense in verderf en ondergang gestort word.

¹⁰Geldgierigheid is 'n wortel van allerlei kwaad. Party het geld nagejaag en toe van die geloof afgedwaal; daardeur het hulle hulleself baie ellende op die hals gehaal.

Die goeie stryd van die geloof

¹¹Maar jy, man van God, moet van hierdie dinge af wegvlug. Streef na opregtheid, toewyding aan God, geloof, liefde, volharding, minsaamheid.

¹²In die goeie wedloop van die geloof moet jy al jou kragte inspan en die ewige lewe as prys behaal. Daartoe het God jou geroep en het jy die goeie belydenis voor baie getuies afgelê.

¹³Voor God, wat aan alle dinge die lewe skenk, en voor Christus Jesus, wat teenoor Pontius Pilatus getuienis afgelê het van die goeie belydenis, beveel ek jou:

¹⁴“Voer jou opdrag stiptelik en onberispelik uit tot op die dag dat ons Here Jesus Christus kom.”

¹⁵Sy verskyning sal op die bestemde tyd plaasvind. Daarvoor sorg God, die goeie en enigste Heerser, die Koning van die konings en die Here van die heersers.

¹⁶Hy alleen besit onsterflikheid; Hy woon in ontoeganklike lig. Geen mens het Hom gesien of kan Hom sien nie. Aan Hom kom toe eer en ewige mag! Amen.

¹⁷Dié wat in hierdie wêreld ryk is, moet jy waarsku om nie hooghartig te wees nie. Hulle moet nie hulle hoop op die onsekerheid van rykdom vestig nie, maar op God wat alles ryklik aan ons gee om te geniet.

¹⁸Spoor hulle aan om goed te doen, om ryk te wees in goeie daade, vrygewig en mededeelsaam.

¹⁹So vergader hulle vir hulle 'n skat as 'n goeie belegging vir die toekoms, sodat hulle die ware lewe sal verkry.

²⁰Timoteus, bewaar wat aan jou toevertrou is. Vermy die onheilige en sinlose praatjies en die redenasies van die “kennis” soos dit verkeerdelik genoem word.

²¹Daar is mense wat daardie “kennis” aanhang en so van die geloof afgedwaal het. Die genade sal by julle wees!

2 Timoteus

2 Timoteus 1

¹Van Paulus, 'n apostel van Christus Jesus deur die wil van God, gestuur om die belofte te verkondig van die lewe in Christus Jesus.

²Aan Timoteus, my geliefde seun. Genade, barmhartigheid en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Here!

Getrouheid aan die evangelie

³Ek dank God, wat ek net soos my voorouers met 'n skoon gewete dien, wanneer ek onophoudelik dag en nag in my gebede aan jou dink.

⁴Ek onthou jou afskeidstrane en wil jou baie graag weer sien. Dit sal vir my 'n groot vreugde wees.

⁵Ek dink ook aan jou opregte geloof, dieselfde geloof wat al in jou ouma Loïs en in jou ma Eunice was, en wat, daarvan is ek oortuig, ook in jou is.

⁶Om hierdie rede herinner ek jou daaraan dat jy die genadegawe wat God jou gegee het toe ek jou die hande opgelê het, soos 'n vuur weer moet aanblaas.

⁷Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing.

⁸Jy moenie skaam wees om die boodskap van die Here te verkondig nie; en moet jou ook nie skaam vir my wat om sy ontwil 'n gevangene is nie. Inteendeel, dra jou deel van die ontberings vir die evangelie met die krag wat God jou gee.

⁹Hy het ons gered en ons geroep om aan Hom toegewy te wees. Dit het Hy gedoen, nie op grond van ons dade nie, maar op grond van sy eie besluit en die genade wat Hy van ewigheid af in Christus Jesus aan ons geskenk het.

¹⁰Hierdie genade is nou aan ons geopenbaar deur die koms van ons Verlosser, Christus Jesus: Hy het die mag van die dood gebreek en deur die evangelie die onverganklike lewe aan die lig gebring.

¹¹Van hierdie evangelie het Hy my aangestel as prediker en apostel en leraar.

¹²Om dié rede ly ek ook hierdie dinge. Maar dit skrik my nie af nie, want ek weet op wie ek vertrou, en ek is daarvan oortuig dat Hy magtig is om wat Hy aan my toevertrou het, tot op die dag dat Hy weer kom, in stand te hou.

¹³Neem die woorde wat jy van my gehoor het, as voorbeeld van gesonde verkondiging en volg dit na in die geloof en liefde wat ons in Christus Jesus het.

¹⁴Wat aan jou toevertrou is, is goed. Bewaar dit deur die Heilige Gees wat in ons woon.

¹⁵Soos jy weet, het almal in die provinsie Asië my in die steek gelaat. Onder hulle is daar ook Figelus en Hermogenes.

¹⁶Mag die Here barmhartigheid bewys aan die huisgesin van Onesiforus, want hy het my dikwels kom opbeur. Hy het hom nie daarvoor geskaam dat ek in boeie sit nie,

¹⁷maar toe hy in Rome kom, het hy ywerig na my gesoek tot hy my gekry het.

¹⁸Mag die Here gee dat hy by Hom ontferming vind op die dag dat Hy weer kom. En wat Onesiforus alles in Efese vir my gedoen het, weet jy self baie goed.

2 Timoteus 2

Die goeie soldaat van Christus

¹Jy dan, my seun, wees sterk deur die genade wat ons in Christus Jesus het.

²Wat jy my voor baie getuies hoor verkondig het, moet jy toevertrou aan betroubare manne wat bekwaam sal wees om dit ook aan ander te leer.

³Dra jou deel van die ontberings soos 'n goeie soldaat van Christus Jesus.

⁴'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie.

⁵'n Atleet wat aan 'n wedstryd deelneem, kan die prys wen slegs as hy volgens die reëls meeding.

⁶Die boer wat die harde werk doen, behoort eerste 'n deel van die oes te kry.

⁷Dink na oor wat ek sê; die Here sal jou insig gee om alles te verstaan.

⁸Onthou altyd dat Jesus Christus, 'n nakomeling van Dawid, uit die dood opgewek is. Dit is die evangelie wat ek verkondig.

⁹Vir hierdie evangelie ly ek verdrukking, selfs in boeie soos 'n misdadiger, maar die woord van God kan nie geboei word nie.

¹⁰Daarom verdra ek alles ter wille van die uitverkorenes, sodat ook hulle die verlossing, wat daar in Christus Jesus is, en die ewige heerlijkheid kan ontvang.

¹¹Dit is 'n betroubare woord: As ons saam met Hom gesterf het, sal ons ook saam met Hom lewe;

¹²as ons in die geloof volhard, sal ons saam met Hom regeer; as ons Hom verloën, sal Hy ons ook verloën;

¹³as ons ontrou is — Hy bly getrou: Hy kan Homself nie verloën nie.

Die arbeider wat goedkeuring wegdra

¹⁴Hou aan om die gelowiges aan hierdie dinge te herinner en vermaan hulle ernstig voor God om op te hou stry oor woorde. Dit het geen nut nie en is net skadelik vir die hoorders.

¹⁵Lê jou daarop toe om jou tot beskikking van God te stel as 'n arbeider wat die goedkeuring van God wegdra, 'n arbeider wat hom vir sy werk nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid suiwer verkondig.

¹⁶Maar die onheilige en sinlose praatjies moet jy vermy, want dié wat dit versprei, sal nog verder in goddeloosheid verval,

¹⁷en hulle woorde sal voortvreet soos kanker. Onder hulle is daar Himeneus en Filetus,

¹⁸wat van die waarheid afgedwaal het deur te sê dat die opstanding alreeds plaasgevind het. Daarmee vernietig hulle die geloof van sommige.

¹⁹Nogtans, die hegte fondament wat God gelê het, staan vas met dié woorde daarop gegraveer: “Die Here ken dié wat aan Hom behoort,” en: “Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtheid.”

²⁰In 'n groot huis is daar nie alleen voorwerpe van goud en silwer nie, maar ook van hout en klei. Sommige is vir besondere gebruik en ander vir die alledaagse.

²¹As iemand hom van die kwaad gereinig het, sal hy 'n voorwerp vir besondere gebruik wees. Dan sal hy vir die eienaar afgesonder en bruikbaar wees, voorberei vir enige goeie diens.

²²Vermý die begeertes wat 'n jongmens in gevaar bring, en streef na opregtheid, geloof, liefde en vrede, saam met almal wat uit 'n rein hart die Here aanroep.

²³Moet jou nie met dwase en sinlose strydvræ inlaat nie, want jy weet tog dat dit net rusies veroorsaak.

²⁴'n Dienaar van die Here moenie rusie maak nie. Inteendeel, hy moet vriendelik wees teenoor almal, bekwaam om ander te leer en iemand wat onreg kan dra.

²⁵Met vriendelikheid moet hy teenstanders tereg wys. Dit kan wees dat God hulle bekeer en hulle tot kennis van die waarheid bring.

²⁶Dan sal hulle weer tot nugtere insig kom en vry raak uit die vangstrik van die duiwel, waarmee hy hulle gevange gehou het om sy wil te gehoorsaam.

2 Timoteus 3

Swaar tye sal kom

¹Dit moet jy weet: in die laaste dae sal daar swaar tye kom.

²Die mense sal selfsugtig wees, geldgierig, grootpraterig en verwaand, beledigend teenoor hulle medemense en ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar en ongodsdienstig;

³hulle sal liefdeloos en onversoenlik wees, kwaadpraters, bandeloos en wreed, sonder liefde vir die goeie;

⁴hulle sal verraaiers wees, roekeloos en hooghartig. Hulle sal eerder liefde vir genot hê as liefde vir God.

⁵Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie. Bly weg van sulke mense af.

⁶Party van hulle dring in die huise in en kry liggelowige vroue wat met sonde belaaï is en deur allerlei sinlike begeertes gedryf word, in hulle mag,

⁷vroue wat altyd iets wil leer, maar tog nooit tot die kennis van die waarheid kan kom nie.

⁸Net soos Jannes en Jambres hulle teen Moses verset het, so verset hierdie mense hulle teen die waarheid, mense wat in die verstand verward is en in die geloof 'n mislukking.

⁹Maar hulle sal nie ver kom nie, omdat hulle dwaasheid vir almal duidelik sal wees, net soos dit die geval was met Jannes en Jambres.

Laaste opdrag aan Timoteus

¹⁰Maar jy het my nagevolg in leer, lewenswandel en lewensdoel, in geloof, geduld, liefde en volharding,

¹¹in vervolging en ontbering soos my te beurt geval het in Antiogië, Ikonium en Listra. Watter vervolging moes ek nie alles verduur nie! Maar die Here het my uit almal gered.

¹²Almal wat in Christus Jesus toegewy aan God wil lewe, sal ook vervolgd word.

¹³Maar goddelose mense en bedrieërs sal voortgaan van kwaad tot erger. Hulle mislei ander en word self mislei.

¹⁴Maar jy, bly by wat jy geleer het en wat jy vas glo. Jy weet tog wie jou leermeesters was

¹⁵en jy ken van kleins af die heilige Skrif. Dit kan jou die kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Christus Jesus.

¹⁶Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek,

¹⁷sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.

2 Timoteus 4

¹Ek beveel jou voor God en voor Christus Jesus wat die lewendes en die dooies sal oordeel, ek beveel jou met die oog op sy koms en sy koningskap:

²verkondig die woord; hou daarmee vol, tydig en ontydig; weerlê, bestraf, bemoedig deur met alle geduld onderrig te gee,

³want daar sal 'n tyd kom wanneer die mense die gesonde leer nie meer sal verdra nie. Hulle sal hulle eie begeertes volg en vir hulle leermeesters bymekaarmaak wat net sal sê wat hulle graag wil hoor.

⁴Hulle sal die waarheid nie wil hoor nie en hulle tot verdigsels wend.

⁵Maar bly jy in alle omstandighede nugter, verdra lyding, doen jou werk as verkondiger van die evangelie, voer al die pligte van jou bediening uit.

⁶Wat my betref, ek word alreeds as drankoffer uitgegiet. Die tyd van my dood is voor die deur.

⁷Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou.

⁸Nou wag die oorwinnaarskroon vir my, die lewe by God. Op die dag dat Hy weer kom, sal die Here, die regverdige Regter, dit vir my gee, en nie net vir my nie, maar ook vir almal wat met verlange uitsien na sy koms.

Persoonlike woorde

⁹Probeer so gou moontlik na my toe kom,

¹⁰want Demas het die teenswoordige wêreld liefgekry en my verlaat en na Tessalonika vertrek. Kressens is na Galasië en Titus na Dalmasië toe.

¹¹Net Lukas is by my. Gaan haal vir Markus en bring hom saam met jou, want hy kan my tot groot diens wees.

¹²Tigikus het ek na Efese toe gestuur.

¹³As jy kom, moet jy die reismantel saambring wat ek by Karpus in Troas laat bly het, en ook die boeke, veral die perkamente.

¹⁴Aleksander, die kopersmid, het my baie kwaad aangedoen. Mag die Here hom vergeld vir wat hy gedoen het.

¹⁵Jy moet ook vir hom op jou hoede wees, want hy het ons prediking heftig teengewerk.

¹⁶Toe ek my die eerste keer voor die hof moes verdedig, het niemand my bygestaan nie; almal het my in die steek gelaat. Mag God hulle dit nie toereken nie!

¹⁷Maar die Here het my bygestaan en my krag gegee, sodat deur my die prediking tot sy volle reg kon kom en al die heidennasies dit kon hoor. En ek is uit die bek van die leeu gered.

¹⁸Die Here sal my red van elke onheil en my behoue in sy hemelse koninkryk bring. Aan Hom kom die eer toe tot in alle ewigheid! Amen.

Laaste groet

¹⁹Groete aan Priscilla en Akwila en aan die huisgesin van Onesiforus.

²⁰Erastus het in Korinte agtergebly; Trofimus het ek in Milete siek agtergelaat.

²¹Doen jou bes om nog voor die winter te kom. Eubulus, Pudens, Linos, Claudia en al die broers stuur vir jou groete. Die Here sal by jou wees.

²²Die genade sal by julle wees!

Titus

Titus 1

¹Van Paulus, 'n dienaar van God en 'n apostel van Jesus Christus. Ek het die opdrag ontvang om die uitverkorenes van God te lei tot die geloof en tot kennis van die waarheid, dié waarheid wat lei tot die diens van God

²en wat hoop gee op die ewige lewe. God wat sy woord hou, het die ewige lewe lank gelede aan ons belowe.

³Nou het Hy op die bestemde tyd sy woord bekend gemaak deur die prediking wat as opdrag aan my toevertrou is deur God ons Verlosser.

⁴Aan Titus, my eie kind in die geloof wat ons albei bely. Genade en vrede van God die Vader en Christus Jesus ons Verlosser!

Titus se werk op Kreta

⁵Ek het jou op Kreta agtergelaat met die bedoeling dat jy die dinge wat nog gereël moes word, in orde moet bring en dat jy in elke dorp ouderlinge moet aanstel soos ek dit aan jou opgedra het.

⁶'n Ouderling moet onberispelik van gedrag wees; hy moet aan sy vrou getrou wees, en sy kinders moet gelowig wees en nie die naam hê dat hulle losbandig lewe en teen gesag in opstand kom nie.

⁷'n Ouderling is immers 'n bestuurder van die huishouding van God. Daarom moet hy onberispelik van gedrag wees, nie aanmatigend en opvlieënd nie, nie 'n dronkaard of 'n rusiemaker of 'n soeker na oneerlike wins nie.

⁸Hy moet gasvry wees, lief vir wat goed is, verstandig, regverdig, vroom en selfbeheers.

⁹Hy moet vashou aan die betroubare woord waarin hy onderrig is. Dan sal hy in staat wees om ander met die gesonde leer aan te moedig en die argumente van teenstanders te weerlê.

¹⁰Daar is baie, veral onder die bekeerlinge uit die Jodedom, wat in opstand kom teen gesag, wat onsin praat en mense verlei.

¹¹Hulle mond moet gesnoer word. Hulle bring hele huisgesinne in beroering deur dinge te leer wat nie toelaatbaar is nie, en dít net om skaamteloos geld te maak.

¹²Een van hulle mense, hulle eie profeet, het gesê: “Die Kretensers is altyd leuenaars, ongediertes, lui vrate.”

¹³Hierdie getuienis is waar. Daarom moet jy hulle streng tereg wys, sodat hulle gesond kan word in die geloof.

¹⁴Hulle moet hulle nie langer besig hou met Joodse verdigsels en met die voorskrifte van mense wat van die waarheid afgedwaal het nie.

¹⁵Vir die reines is alles rein, maar vir die besoedeldes en ongelowiges is niks rein nie, want hulle verstand en hulle gewete is besoedel.

¹⁶Hulle gee voor dat hulle God ken, maar hulle dade weerspreek dit. Hulle is verfoeilik en koppig en deug vir geen goeie werk nie.

Titus 2

Die gesonde leer

¹Maar jy moet verkondig wat in ooreenstemming is met die gesonde leer.

²Sê vir die ouer mans hulle moet nugter wees, eerbaar, verstandig, gesond en vas in geloof, liefde en volharding.

³Net so moet jy ook vir die ouer vroue sê hulle gedrag moet dié wees van mense wat 'n heilige lewe lei. Hulle moenie kwaadpraat of aan drank verslaaf wees nie. Hulle moet goeie raad kan gee,

⁴sodat hulle die jonger vrouens kan leer om liefdevol teenoor hulle mans en kinders te wees,

⁵verstandig en kuis, goeie huisvrouens, onderdanig aan hulle mans. Dan sal die woord van God nie in diskrediet kom nie.

⁶Net so moet jy die jonger mans vermaan om hulle verstandig te gedra.

⁷In alles moet jy self vir hulle 'n voorbeeld stel van goeie werk, suiwerheid in die leer, waardigheid in gedrag,

⁸gesonde en onaanvegbare prediking. Dan sal elke teenstander in die verleentheid kom dat hy niks slegs van ons sal kan sê nie.

⁹Die slawe moet in alles aan hulle eenaars onderdanig wees en hulle tevrede stel. Hulle moenie teëpraat

¹⁰of iets vat nie; hulle moet bewys dat hulle in alles betroubaar is. So sal hulle in alles wat hulle doen, die aansien van die leer van God ons Verlosser verhoog.

¹¹Die genade van God wat verlossing bring, het immers aan alle mense verskyn.

¹²Dit voed ons op om die goddelose leefwyse en wêreldse begeerlikhede te laat vaar en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te lewe,

¹³terwyl ons uitsien na die gelukkige dag wat ons verwag. Op daardie dag sal die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus, verskyn.

¹⁴Hy het Homself vir ons as offer gegee om ons van alle ongeregtigheid vry te maak en ons van sonde te reinig, sodat ons sy eie volk kan wees wat ywerig is om die goeie te doen.

¹⁵Dit is die dinge waaroor jy moet praat. Gebruik jou volle gesag om aan te moedig en tereg te wys. Gee aan niemand aanleiding om op jou neer te sien nie.

Titus 3

Die Christelike gedrag

¹Herinner die mense nadruklik daaraan dat hulle hulle aan owerheid en gesag moet onderwerp, daaraan gehoorsaam moet wees en bereid moet wees om alles te doen wat goed is.

²Hulle moet van niemand kwaadpraat nie en nie rusie soek nie. Hulle moet insiklik wees en altyd bedagsaam teenoor almal.

³Vroeër was ons ook onverstandig, ongehoorsaam, op die verkeerde pad, verslaaf aan allerlei begeertes en singenot; ons het ons lewe in kwaadwilligheid en jaloesie deurgebring; ons was haatlik en het mekaar gehaat.

⁴Maar toe het die goedheid van God ons Verlosser en sy liefde vir die mens verskyn.

⁵Hy het ons verlos, nie op grond van iets wat ons vir ons vryspraak gedoen het nie, maar op grond van sy eie ontferming. Dit het Hy gedoen deur die wedergeboorte wat die sonde afwas, en deur die Heilige Gees wat nuwe lewe gee.

⁶God het die Heilige Gees oorvloedig op ons uitgestort deur Jesus Christus ons Verlosser.

⁷So is ons dan deur sy genade vrygespreek en het ons erfgename geword van die ewige lewe wat ons verwag.

⁸Dit is 'n betroubare woord. Daarom wil ek hê dat jy van hierdie dinge met groot nadruk moet getuig, sodat dié wat tot geloof in God gekom het, hulle op goeie werk kan toelê, werk wat goed en nuttig is vir die mense.

⁹Maar jy moet jou nie inlaat met dwase strydvrage en geslagsregisters en met getwis en stryery oor die wet van Moses nie, want dit is nutteloos en sinloos.

¹⁰Met iemand wat na twee vermanings nog skeuring veroorsaak, moet jy niks te doen hê nie,

¹¹omdat jy weet dat so 'n man op die verkeerde pad is. Deur sy sonde bring hy die oordeel oor homself.

Besondere opdragte en groete

¹²Sodra ek vir Artemas of Tigikus na jou toe stuur, moet jy probeer om na my toe te kom in Nikopolis, want ek het besluit om die winter daar oor te bly.

¹³Doen ook jou bes om vir Senas, die regsgeleerde, en Apollos voort te help op hulle reis, en sorg dat hulle niks kortkom nie.

¹⁴Ons mense moet ook leer om met eerlike werk in die noodsaaklike lewensbehoeftes te voorsien. Dan sal hulle lewe nie onvrugbaar wees nie.

¹⁵Almal wat hier by my is, stuur vir jou groete. Gee ons groete aan ons vriende in die geloof. Die genade sal by julle almal wees!

Filemon

Filemon 1

¹Van Paulus, 'n gevangene ter wille van Christus Jesus, en van ons broer Timoteus. Aan Filemon, ons vriend en medewerker,

²en aan ons suster Affia en aan Argippus, ons medestryder, en aan die gemeente wat gereeld in jou huis bymekaarkom.

³Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Filemon se liefde en geloof

⁴Elke keer as ek bid, dink ek aan jou en dank ek my God

⁵omdat ek hoor van die liefde en trou wat jy aan die Here Jesus en al die gelowiges bewys.

⁶My bede is dat die gemeenskap wat jy deur die geloof met ons het, jou 'n dieper insig sal gee in al die goeie dinge wat ons vir Christus kan doen.

⁷Jou liefde het vir my groot vreugde en bemoediging gebring, omdat jy, broer, die harte van die gelowiges verkwik het.

Paulus pleit vir Onesimus

⁸Daarom, al het ek in Christus die volste reg om jou op jou plig te wys,

⁹doen ek liever 'n beroep op jou op grond van die liefde. Dit doen ek, Paulus, wat 'n ou man is en nou ook 'n gevangene ter wille van Christus Jesus.

¹⁰Ek doen 'n beroep op jou in belang van my kind Onesimus. Hier in die gevangenis het ek sy geestelike vader geword.

¹¹Voorheen was hy vir jou nie bruikbaar nie, maar nou is hy baie bruikbaar sowel vir jou as vir my.

¹²Ek stuur hom na jou toe terug, en my hart gaan saam met hom.

¹³Wat my betref, ek sou hom graag by my wou hou, sodat hy my in jou plek kan dien terwyl ek ter wille van die evangelie 'n gevangene is.

¹⁴Maar ek wou niks sonder jou instemming doen nie, sodat jou weldaad nie uit dwang sou wees nie, maar uit vrye keuse.

¹⁵Miskien was hy 'n kort tydjie van jou af weg juis sodat jy hom vir altyd sou terugkry,

¹⁶nou nie langer net as 'n slaaf nie, maar meer as 'n slaaf: as 'n geliefde broer. Dit is hy besonderlik vir my; hoeveel te meer sal hy dit dan nie vir jou wees nie, as mens en as broer in die Here.

¹⁷Dus, as jy my as deelgenoot in die geloof beskou, ontvang hom net soos jy my sou ontvang.

¹⁸As hy jou enige skade aangedoen het of iets skuld, sit dit op my rekening.

¹⁹Hier skryf ek, Paulus, met my eie hand: ? Ek sal betaal.? Ek hoef jou natuurlik nie daaraan te herinner dat wat jy is, jy aan my te danke het nie.

²⁰Ja, broer, in die Naam van die Here, bewys my hierdie guns. Maak my hart bly, soos 'n broer in Christus.

²¹Ek skryf aan jou in die vertroue dat jy sal doen wat ek vra. Ek weet ook dat jy selfs meer as dit sal doen.

²²Hou sommer ook vir my huisvesting gereed, want ek hoop dat God, in antwoord op julle gebede, my aan julle sal teruggee.

Groete en heilwense

²³Epafras, wat saam met my ter wille van Christus Jesus 'n gevangene is, stuur vir jou groete;

²⁴ook my medewerkers Markus, Aristargos, Demas en Lukas stuur groete.

²⁵Die genade van die Here Jesus Christus sal by julle wees!

Hebreërs

Hebreërs 1

Die uitnemende grootheid van die Seun van God

¹In die verlede het God baiekeer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete,

²maar nou, in hierdie laaste dae, het Hy met ons gepraat deur die Seun. God het Hom deur wie Hy die wêreld geskep het, ook erfgenaam van alles gemaak.

³Uit Hom straal die heerlikheid van God en Hy is die ewebeeld van die wese van God. Hy hou alle dinge deur sy magswoord in stand. Nadat Hy die reiniging van sondes bewerkstellig het, het Hy gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoë hemel.

⁴Hy is net so verhewe bo die engele as wat die Naam wat God Hom gegee het, voortrefliker is as hulle naam.

⁵Immers, aan wie van die engele het God ooit gesê: “Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader,” en ook: “Ek sal sy Vader wees, en Hy sal my Seun wees”?

⁶En wanneer God die Eersgeborene in die wêreld inbring, sê Hy: “Al die engele van God moet Hom aanbid.”

⁷Van die engele sê Hy: “Hy maak sy engele stormwinde en sy dienaars vuurvlamme.”

⁸Maar van die Seun sê Hy: “U troon, o God, staan vir ewig vas, met u koninklike septer laat U reg geskied.

⁹U het die reg lief en U haat die onreg. Daarom het God, u God, U onder groot vreugde tot Koning gesalf bo u tydgenote.”

¹⁰En verder: “U, Here, het in die begin die aarde gevestig, en ook die hemel is die werk van u hande.

¹¹Dié dinge sal vergaan, maar U bly bestaan; soos 'n kledingstuk sal alles verslyt;

¹²soos klere sal U dit oprol; ja, soos 'n kledingstuk sal dit vervang word. Maar U, U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.”

¹³Van watter engel het Hy ooit gesê: “Sit aan my regterhand, totdat Ek jou vyande aan jou onderwerp het”?

¹⁴Is hulle dan nie almal geeste in diens van God, wat Hy uitstuur om dié te dien wat die saligheid gaan beërf nie?

Hebreërs 2

Die groot saligheid vereis groot verantwoordelikheid

¹Om hierdie rede moet ons soveel kragtiger vasgryp aan wat ons gehoor het, sodat ons nie dalk wegdrywe nie.

²As die woord wat deur engele gepraat is, bindend was, en elke oortreding en ongehoorsaamheid regmatig gestraf is,

³hoe sal ons dan ontkom as ons so 'n groot saligheid verontagsaam het? Hierdie saligheid is immers deur die Here verkondig, deur wie dit sy oorsprong het, en is aan ons bevestig deur dié wat dit gehoor het.

⁴Daarby het God ook saam getuig deur tekens en wonders en ook deur allerhande kragtige daade en gawes van die Heilige Gees, soos Hy dit toebedeel het volgens sy wil.

Die Leidsman tot die saligheid

⁵Dit is nie aan engele dat Hy die toekomstige wêreld, waarvan ons praat, onderwerp het nie.

⁶Inteendeel, iemand het êrens getuig en gesê: “Wat is 'n mens dat U aan hom dink, 'n mensekind dat U na hom omsien?

⁷U het hom 'n kort tydjie minder as die engele gemaak; U het hom met heerlikheid en eer gekroon;

⁸U het alles aan hom onderwerp.” By die onderwerping van alle dinge aan die mens is niks uitgesluit nie. Alles is aan hom onderwerp. Nou sien ons nog nie dat alle dinge reeds aan die mens onderwerp is nie.

⁹Maar ons sien Jesus, met eer en heerlikheid gekroon op grond van sy lyding en dood. Hy is 'n kort tydjie minder gemaak as die engele, sodat Hy deur die genade van God vir almal sou sterwe.

¹⁰God, ter wille van wie alles bestaan en deur wie alles ontstaan het, wou baie deel laat kry aan sy heerlikheid. En daarom was dit reg dat Hy hulle Leidsman tot die verlossing deur lyding heen tot volmaaktheid sou bring.

¹¹Hy wat heilig maak, sowel as die mense wat geheilig word, is almal uit een Vader. Om hierdie rede is Jesus nie skaam om hulle sy broers te noem nie.

¹²Hy sê tog: “Ek sal u Naam aan my broers bekend maak, in die samekoms van die gemeente sal Ek u lof besing.”

¹³Ook sê Hy: “Ek sal altyd op Hom vertrou.” En verder: “Hier is Ek met die kinders wat God My gegee het.”

¹⁴Aangesien hierdie kinders mense van vlees en bloed is, het Hy ook net soos hulle mens geword. Dit het Hy gedoen om deur sy dood dié een wat mag het oor die dood, dit is die duiwel, te vernietig

¹⁵en om hulle wat uit vrees vir die dood hulle hele lewe lank in slawerny was, te bevry.

¹⁶Dit is duidelik dat dit vir Hom nie om die engele gaan nie, maar om die nageslag van Abraham.

¹⁷Daarom moes Hy in elke opsig aan sy broers gelyk word, sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester voor God kon wees om die sondes van die volk te versoen.

¹⁸Omdat Hy self versoek is en gely het, kan Hy dié help wat versoek word.

Hebreërs 3

Jesus is meer as Moses

¹Daarom, broers wat vir die Here afgesonder is en deelgenote is van die hemelse roeping, moet julle noukeurig let op Jesus, die Apostel en Hoëpriester van die geloof wat ons bely.

²Hy is getrou aan God wat Hom aangestel het, soos ook Moses getrou was in die hele huis van God.

³Maar Jesus is groter heerlijkheid waardig geag as Moses, net soos die een wat 'n huis bou, meer eer waardig is as die huis.

⁴Elke huis word deur iemand gebou, maar God is die Een wat alles gebou het.

⁵Moses was as dienaar getrou in die hele huis van God en moes getuig van die dinge wat God nog sou sê.

⁶Christus daarenteen is as Seun getrou oor die huis van God. En ons is sy huis as ons maar net met moed en oortuiging bly vashou aan wat ons hoop.

Die gevaar van afval deur ongeloof

⁷Luister daarom na wat die Heilige Gees sê: “Vandag, as julle sy stem hoor,

⁸moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het en My in die woestyn op die proef gestel het.

⁹Daar het hulle My op die proef gestel en uitgetart, hoewel hulle veertig jaar lank gesien het wat Ek vir hulle gedoen het.

¹⁰Daarom het Ek 'n afkeer van hierdie geslag gekry en gesê: ‘Met hulle hart is hulle gedurig op 'n dwaalspoor, hulle wou my paaie nie leer ken nie.’

¹¹Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.”

¹²Broers, julle moet toesien dat daar nooit by een van julle 'n verkeerde gesindheid van ongeloof ontstaan en hy van die lewende God afvallig word nie.

¹³Maar solank daar nog 'n “vandag” is, moet julle mekaar elke dag aanspoor sodat niemand van julle deur die misleiding van die sonde verhard word nie.

¹⁴Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het.

¹⁵Daarom word daar gesê: “Vandag as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie, soos julle voorvaders toe hulle in opstand gekom het.”

¹⁶Wie was dit dan wat gehoor het en tog in opstand gekom het? Was dit nie hulle almal wat onder leiding van Moses uit Egipte getrek het nie?

¹⁷En van wie het God veertig jaar lank 'n afkeer gehad? Was dit nie van hulle wat gesondig het en wie se dooie liggame in die woestyn agtergebly het nie?

¹⁸Oor wie anders as dié wat ongehoorsaam was, het Hy 'n eed afgelê dat hulle nie in sy rus sou ingaan nie?

¹⁹Ons sien dus dat hulle as gevolg van hulle ongeloof nie in sy rus kon ingaan nie.

Hebreërs 4

Die belofte van rus vir dié wat glo

¹Terwyl die belofte om in sy rus in te gaan nog van krag is, moet ons oppas dat dit nie miskien later blyk dat een van julle agtergebly het nie.

²Ons het die blye boodskap ontvang net soos hulle, maar hoewel hulle die prediking gehoor het, het dit hulle niks gebaat nie, omdat hulle nie geglo het wat hulle gehoor het nie.

³Ons wat glo, gaan wel in die rus in, maar hulle nie, soos God gesê het: “Toe het Ek in my toorn 'n eed afgelê: In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.” En tog was sy werk ná die skepping van die wêreld reeds afgehandel,

⁴want êrens in die Skrif word van die sewende dag dit gesê: “En God het op die sewende dag gerus van al sy werk,”

⁵terwyl hier weer gesê word: “In my rus sal hulle beslis nie ingaan nie.”

⁶Dié wat vroeër die blye boodskap gehoor het, het dus vanweë hulle ongehoorsaamheid nie in sy rus ingegaan nie, maar vir sommige bly die moontlikheid bestaan om weer in sy rus in te gaan.

⁷God het immers weer 'n dag bepaal, naamlik “vandag” wanneer Hy, soos reeds voorheen aangehaal, soveel later by monde van Dawid sê: “Vandag, as julle sy stem hoor, moet julle nie hardkoppig wees nie.”

⁸As Josua hulle in die rus laat ingaan het, sou God nie daarná nog van 'n ander dag gepraat het nie.

⁹Daar wag dus nog steeds 'n sabbatsrus vir die volk van God,

¹⁰want elkeen wat in die rus van God ingaan, rus van sy werk, net soos God van Syne.

¹¹Laat ons ons dan beywer om in daardie rus in te gaan, sodat niemand hulle voorbeeld van ongehoorsaamheid navolg en ook omkom nie.

Die woord as swaard

¹²Die woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart.

¹³Daar is ook niks in die skepping wat vir God onsigbaar is nie; alles lê oop en bloot voor sy oë. En aan Hom moet ons rekenskap gee.

Jesus die groot Hoëpriester

¹⁴Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely.

¹⁵Die Hoëpriester wat ons het, is nie Een wat geen medelye met ons swakhede kan hê nie; Hy was immers in elke opsig net soos ons aan versoeking onderwerp, maar Hy het nie gesondig nie.

¹⁶Kom ons gaan dan met vrymoedigheid na die genadetroon, sodat ons barmhartigheid en genade ontvang en so op die regte tyd gered kan word.

Hebreërs 5

¹Elke hoëpriester is 'n mens wat uit die mense geneem en aangestel word om vir hulle by God in te tree deur gawes en offers vir die sondes te bring.

²Hy kan meegevoel hê met die onwetendes en dwalendes, omdat hy self aan swakheid onderhewig is.

³Om hierdie rede moet hy ook vir homself, net soos vir die volk, offers bring vir die sondes.

⁴Niemand eien hom die eer van hoëpriester toe nie, hy word deur God daartoe geroep, net soos Aäron.

⁵So het Christus Hom ook nie die waardigheid van Hoëpriester toegeëien nie, God het dit vir Hom gegee toe Hy gesê het: “Jy is my Seun, van vandag af is Ek jou Vader.”

⁶En op 'n ander plek sê Hy: “Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.”

⁷Gedurende sy aardse lewe het Hy aan God, wat Hom uit die dood kon red, gebede en smekinge geoffer met harde geroep en met trane. En sy gebede is verhoor vanweë sy eerbiedige onderworpenheid aan God.

⁸Hoewel Hy die Seun was, het Hy deur alles wat Hy gely het, geleer wat gehoorsaamheid is.

⁹En toe Hy volmaaktheid bereik het, het Hy vir almal wat aan Hom gehoorsaam is, die bron van ewige saligheid geword

¹⁰en is Hy deur God verklaar tot Hoëpriester volgens die priesterorde van Melgisedek.

Waarskuwing teen afvalligheid

¹¹In verband hiermee het ons baie te sê wat moeilik is om aan julle te verduidelik, aangesien julle so traag is om te leer.

¹²Hoewel julle teen hierdie tyd self reeds onderrig behoort te gee, het julle weer nodig dat iemand julle in die grondwaarhede van die woord van God moet onderrig. 'n Mens moet julle met melk voed en nie met vaste kos nie.

¹³Iemand wat nog van melk lewe, kan nie saampraat oor wat reg of verkeerd is nie, want hy is nog 'n kind.

¹⁴Vaste kos is vir grootmense, vir mense wat oor insig beskik en wat deur ervaring geoefen is om tussen goed en kwaad te onderskei.

Hebreërs 6

¹Laat ons nie stilstaan by die eerste dinge wat aangaande Christus verkondig word nie, maar verder gaan na die volle inhoud van die boodskap. Ons wil nie opnuut die fondament lê deur te praat oor die bekering uit 'n leefwyse wat tot die dood lei nie, of oor geloof in God,

²die leer van die doop en die handoplegging, die opstanding van die dooies en die ewige oordeel nie.

³Ons sal dus verder gaan as God dit toelaat.

⁴Wanneer mense een keer deur God verlig is, die hemelse gawe ontvang en deel gekry het aan die Heilige Gees,

⁵die goeie woord van God leer ken het en die kragte van die toekomstige wêreld ondervind het

⁶en dan nogtans afvallig geword het, is dit onmoontlik om hulle weer tot bekering te bring. In hulleself kruisig hulle immers weer die Seun van God en maak hulle Hom in die openbaar tot 'n bespotting.

⁷Dit is soos met grond wat die reën indrink wat dikwels daarop val. As dit bruikbare gewasse voortbring vir dié wat dit bewerk, word dit deur God geseën.

⁸Maar as dit doringstruik en dissels oplewer, is dit waardeloos en is die tyd naby dat God dit vervloek. Die uiteinde daarvan is die vuur.

⁹Maar, geliefdes, al praat ons in hierdie trant, is ons oor julle oortuig van beter: dat julle gered sal word.

¹⁰God is nie onregverdig nie: Hy sal julle werk nie vergeet nie en ook nie die liefde wat julle vir sy Naam betoon het deurdat julle julle medegelowiges gedien het en nog dien nie.

¹¹Dit is ons vurige wens dat elkeen van julle end-uit dieselfde ywer as vroeër aan die dag sal lê totdat die dinge waarop julle hoop, vervul is.

¹²Julle moet dus nie traag word nie, maar die voorbeeld navolg van dié wat deur geloof en geduld deel gekry het aan die dinge wat God beloof het.

Die sekerheid van die belofte van God

¹³Toe God aan Abraham die belofte gemaak het, het Hy niemand groter as Hyself gehad by wie Hy dit met 'n eed kon bevestig nie. Daarom het Hy dit met 'n eed by Homself bevestig

¹⁴en gesê: “Ek sal jou beslis ryklik seën en jou 'n baie groot nageslag gee.”

¹⁵En so het Abraham dan, nadat hy geduldig gewag het, gekry wat aan hom beloof is.

¹⁶Mense lê 'n eed af by iemand groter as hulleself. Vir hulle is dit die bevestiging van 'n saak, en dit sluit alle teësprak uit.

¹⁷En omdat God aan die erfgename van die belofte bo alle twyfel wou verseker dat sy besluit onveranderlik is, het Hy dit met 'n eed gewaarborg.

¹⁸Die twee onveranderlike dinge, die belofte en die eed, waarborg dat God sy woord gestand sal doen, en is vir ons wat ons toevlug tot Hom geneem het, 'n kragtige aansporing om vas te hou aan die hoop op wat vir ons weggelê is.

¹⁹Hierdie hoop besit ons as 'n veilige en onbeweeglike lewensanker, wat agter die voorhangsel vas is.

²⁰Daar het Jesus, ons Voorloper, ter wille van ons ingegaan, en Hy is vir ewig Hoëpriester volgens die orde van Melgisedek.

Hebreërs 7

Die uitnemendheid van die priesterskap van Melgisedek bo dié van Aäron

¹Melgisedek was koning van Salem en priester van God die Allerhoogste. Dit is Melgisedek wat vir Abraham tegemoet gegaan en hom geseën het toe Abraham op pad terug was nadat hy die konings verslaan het,

²en dit is ook aan hom dat Abraham 'n tiende van al die oorlogsbuit gegee het. In die eerste plek, sy naam Melgisedek beteken: koning van geregtigheid; en hy was ook koning van Salem, en dit beteken: koning van vrede.

³Niks is bekend omtrent sy vader en moeder of sy afstamming of die begin en einde van sy lewe nie. Hy is soos die Seun van God en hy bly priester vir altyd.

⁴Let nou op hoe groot hierdie man was aan wie Abraham, die stamvader, 'n tiende van die beste oorlogsbuit gegee het.

⁵Die priesters wat van Levi afstam, het volgens die bepaling van die wet die reg om 'n tiende in te vorder van die volk, dit wil sê van hulle broers, wat net soos hulle ook afstammelinge van Abraham is.

⁶Maar Melgisedek, wat nie van Levitiese afstamming was nie, het van Abraham 'n tiende geneem en hom, aan wie God sy beloftes gegee het, geseën.

⁷Dit is onbetwisbaar dat dit altyd die mindere is wat deur die meerdere geseën word.

⁸In die geval van die Levitiese priesters is dit sterflike mense wat tiendes invorder, maar in die geval van Melgisedek iemand van wie getuig word dat hy lewe.

⁹'n Mens kan sê dat ook Levi, wat tiendes invorder, deur Abraham aan Melgisedek die tiende gegee het,

¹⁰want Levi was nog in die liggaam van die stamvader toe Melgisedek vir Abraham tegemoet gegaan het.

Christus en die Levitiese priesterskap

¹¹Dit was in samehang met die Levitiese priesterskap dat die volk die wet van Moses ontvang het. As hierdie priesterskap volmaaktheid kon bewerk, waarom was dit dan nog nodig dat 'n ander priester volgens die priesterorde van Melgisedek aangestel moes word, van wie daar nie gesê word dat hy 'n priester volgens die orde van Aäron sou wees nie?

¹²As daar 'n ander priesterskap kom, volg noodwendig ook 'n verandering van die wet.

¹³Hy van wie hierdie dinge gesê word, behoort juis tot 'n ander stam, waaruit niemand ooit by die altaar diens gedoen het nie.

¹⁴Dit is algemeen bekend dat ons Here van Juda afstam, en in verband met daardie stam het Moses niks oor die priesterskap gesê nie.

¹⁵Die saak word nog duideliker as ons daaraan dink dat die ander priester wat te voorskyn tree, ooreenkom met Melgisedek,

¹⁶deurdat Hy priester word nie deur die bepaling van die wet oor menslike afstamming nie, maar deur die krag van onvernietigbare lewe.

¹⁷Van Hom word getuig: “Jy is priester vir ewig volgens die priesterorde van Melgisedek.”

¹⁸Aan die een kant word die vroeëre bepaling dus afgeskaf vanweë die kragteloosheid en nutteloosheid daarvan:

¹⁹die wet het nie volmaaktheid bewerk nie. Aan die ander kant het 'n beter hoop ingetree, waardeur ons tot God nader.

²⁰Dit het nie sonder die bevestiging met 'n eed plaasgevind nie. Die Leviete het wel priesters geword sonder die bevestiging met 'n eed,

²¹maar Jesus met 'n eed deur God, wat vir Hom gesê het: “Die Here het dit met 'n eed bevestig en Hy sal dit nie herroep nie: ‘Jy is priester vir ewig.’ ”

²²So het Jesus ook van 'n beter verbond borg geword.

²³Daar is ook 'n ander verskil: omdat die dood die Levitiese priesters verhinder het om aan te bly, was daar baie wat mekaar opgevolg het.

²⁴Omdat Jesus vir ewig bly, beklee Hy 'n priesterskap wat nie op 'n ander oorgedra word nie.

²⁵Daarom kan Hy ook dié wat deur Hom na God gaan, eens en vir altyd verlos: Hy lewe vir altyd om vir hulle by God in te tree.

²⁶Vir ons was so 'n hoëpriester nodig, een wat heilig, skuldeloos en sonder smet is, verwyder uit die midde van die sondaars en verhoog bo die hemele,

²⁷een wat nie, soos die hoëpriesters, elke dag offers moet bring, eers vir sy eie sondes en dan vir dié van die volk nie. Hy het immers eens en vir altyd 'n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het.

²⁸Die wet stel mense as hoëpriesters aan, en mense het swakhede; maar die uitspraak wat met 'n eed bevestig is en wat ná die wet gekom het, stel die Seun aan as ewige en volmaakte Hoëpriester.

Hebreërs 8

Die Hoëpriester van 'n nuwe en beter verbond

¹Die hoofsaak van wat gesê is, is dit: ons het 'n Hoëpriester, Een wat gaan sit het aan die regterkant van die troon van die Majesteit in die hemel.

²Hy is bedienaar van die heiligdom, die ware verbondstent, wat deur die Here opgerig is en nie deur 'n mens nie.

³Elke hoëpriester word aangestel om gawes en offers te bring; daarom moet ook hierdie Een iets hê om te offer.

⁴As Hy nog op aarde was, sou Hy nie eens priester kon wees nie, omdat volgens die wet daar reeds priesters is wat die gawes offer.

⁵Hulle bedien egter slegs 'n afbeelding en skadubeeld van die hemelse heiligdom. Toe Moses die Goddelike opdrag gekry het om die verbondstent op te rig, het God gesê: “Sorg dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat Ek jou op die berg gewys het.”

⁶Maar nou het Jesus 'n voortrefliker priesterdiens gekry deurdat Hy Middelaar is van 'n beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is.

⁷As daar aan die eerste verbond niks kortgekom het nie, sou 'n tweede nie nodig gewees het nie.

⁸Maar God bestraf die volk oor hulle tekortkoming deur te sê: “Kyk, daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

⁹Die nuwe verbond sal nie wees soos dié wat Ek met hulle voorvaders gemaak het op die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipte uit te lei nie, want hulle het nie my verbond gehou nie, en Ek het hulle verwerp, sê die Here.

¹⁰Dit is nou die verbond wat Ek met Israel na daardie dae sal sluit, sê die Here: Ek sal hulle my wette in die verstand gee, op hulle harte sal Ek dit skrywe; Ek sal hulle God wees, en hulle sal my volk wees.

¹¹Dan hoef niemand meer sy medeburger te leer en vir sy broer te sê: 'Jy moet die Here ken' nie. Hulle almal, klein en groot, sal My ken.

¹²Oor hulle ongeregthede sal Ek genadig wees en aan hulle sondes nooit meer dink nie.”

¹³Deur van 'n nuwe verbond te praat, het God die eerste oud verklaar, en wat oud word en uitgedien raak, sal gou verdwyn.

Hebreërs 9

Die aardse heiligdom en sy offers

¹Die eerste verbond het voorskrifte vir die erediens gehad, en ook 'n aardse heiligdom.

²Die verbondstent is opgerig, en in die voorste gedeelte daarvan, wat die Heilige genoem word, het die kandelaar en die tafel met die offerbrode gestaan.

³Agter die tweede voorhangsel was die gedeelte wat die Allerheiligste genoem word.

⁴Daarin was die goue wierookaltaar en die verbondsark, wat in sy geheel met goud oorgetrek was. In die ark was die goue kruik met manna, die kiere van Aäron wat gebot het, asook die plat klippe met die wet van die verbond daarop geskrywe.

⁵Bo-op die ark het die gerubs wat die heerlikheid van God voorstel, hulle vleuels oor die versoendeksel uitgestrek. Op die besonderhede kan ons nie nou verder ingaan nie.

⁶Met die dinge só ingerig, het die priesters gereeld die voorste gedeelte van die verbondstent binnegegaan om die dienste te verrig.

⁷Maar in die agterste gedeelte het alleen die hoëpriester ingegaan, en dit net een keer in die jaar, en dan nie sonder bloed nie, om vir homself te offer en vir die sondes wat die volk onwetend gedoen het.

⁸Hiermee maak die Heilige Gees duidelik dat die pad na die Allerheiligste toe nie oop is so lank as die voorste gedeelte van die verbondstent bestaan nie.

⁹Dit alles wys vooruit na die huidige tyd waarin offergawes en diereoffers gebring word wat nie vir dié een wat dit bring, 'n volkome skoon gewete kan gee nie.

¹⁰Dit het net betrekking op voedsel, drank en 'n verskeidenheid reinigingsgebruike. Dit is voorskrifte wat slegs die uiterlike raak en wat opgelê is tot die tyd dat God 'n beter orde sou instel.

¹¹Maar Christus het gekom as Hoëpriester van die weldade wat nou verwesenlik is. Hy dien in die verbondstent wat groter en volmaakter is en nie deur mense gemaak is nie, dit wil sê wat nie tot hierdie wêreld behoort nie.

¹²Met sy eie bloed en nie met dié van bokke en kalwers nie, het Hy net een maal die heiligdom binnegegaan en 'n ewige verlossing tot stand gebring.

¹³Wanneer die bloed van bokke en bulle en die as van 'n vers op die onreines gespreinkel word, maak dit hulle uiterlik rein.

¹⁴Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons gewete bevry van die las van dade wat tot die dood lei, sodat ons die lewende God kan dien! Hiervoor het Christus immers Homself as volkome offer deur die ewige Gees aan God geoffer.

¹⁵Daarom is Hy ook die Middelaar van 'n nuwe verbond. Sy dood het plaasgevind om mense te verlos van die oortredinge wat onder die eerste verbond begaan is, sodat dié wat geroep is, die beloofde ewige erfenis kan ontvang.

¹⁶Dit is soos met 'n testament: daar moet eers bewys word dat die testamentmaker dood is,

¹⁷want 'n testament word alleen geldig by die dood van die testamentmaker; dit word nooit van krag so lank as hy nog leef nie.

¹⁸Daarom is die eerste verbond ook nie sonder bloed ingestel nie.

¹⁹Nadat Moses al die gebooie van die wet aan die hele volk oorgedra het, het hy bloed van kalwers en bokke saam met water geneem en met rooi wol en hisop die wetboek self sowel as die hele volk besprinkel

²⁰en gesê: “Dit is die bloed van die verbond wat God vir julle ingestel het.”

²¹Ook die verbondstent en al die voorwerpe vir gebruik by die erediens het hy op dieselfde wyse met die bloed besprinkel.

²²Byna alles word volgens die wet met bloed gereinig, en sonder die vergieting van bloed vind daar geen vergewing plaas nie.

Christus die volkome offer

²³Die aardse afbeeldings van die hemelse dinge moes dus noodwendig deur hierdie middele gereinig word, maar die hemelse dinge self deur beter offers as hierdie.

²⁴Christus het nie ingegaan in 'n heiligdom wat deur mense gemaak is en net 'n namaaksel van die ware is nie. Nee, Hy het in die hemel self ingegaan om nou ter wille van ons voor God te verskyn.

²⁵Hy het nie ingegaan om Homself herhaaldelik te offer nie, soos die hoëpriester elke jaar die Allerheiligste binnegaan met bloed wat nie sy eie is nie.

²⁶Dan sou Christus immers herhaaldelik moes gely het, reeds van die skepping van die wêreld af. Maar nou het Hy net een keer in die voleinding van die tye verskyn om deur sy offer die sonde weg te neem.

²⁷'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel.

²⁸So is Christus ook net een maal geoffer om die sondes van baie weg te neem. As Hy die tweede keer verskyn, kom Hy nie in verband met sonde nie, maar om verlossing te bring vir dié wat Hom verwag.

Hebreërs 10

Die offers van die ou verbond

¹Die wet van Moses is slegs 'n skadubeeld van die weldade wat sou kom, nie 'n werklike beeld daarvan nie. Voortdurend, jaar na jaar, word dieselfde offers gebring, en tog kan die wet dié wat die offers bring, nooit volkome van sonde vry maak nie.

²As dié wat offers bring, eens en vir altyd gereinig en nie meer van sondes bewus was nie, sou hulle immers opgehou het om offers te bring.

³Maar nou herinner die offers juis jaar na jaar aan die sondes,

⁴omdat die bloed van bulle en bokke onmoontlik die sondes kan wegneem.

⁵Daarom sê Christus met sy koms in die wêreld: “Dit is nie diereoffer en graanoffer wat U wou hê nie, maar die liggaam wat U My gegee het.

⁶Brandoffers en sondeoffers het U nie behaag nie!

⁷Toe het Ek gesê: Kyk, Ek het gekom, o God, om u wil te doen. In die boekrol is dit van My geskrywe.”

⁸Eers sê Hy: “Diereoffers en graanoffers, brandoffers en sondeoffers wou U nie hê nie en het U nie behaag nie,” hoewel hierdie offers deur die wet voorgeskryf word.

⁹Daarna sê Hy: “Kyk, Ek het gekom om u wil te doen.” Hy skaf dus die eerste offers af om 'n ander offer in die plek daarvan te stel.

¹⁰Omdat God dit so wou, is ons vir Hom afgesonder deurdat Jesus Christus sy liggaam as offer gebring het, eens en vir altyd.

Die offer van Jesus Christus

¹¹Verder, elke priester staan dag vir dag sy diens en verrig, en bring elke keer weer dieselfde offers, wat tog nooit die sondes kan wegneem nie.

¹²Maar Jesus Christus het één offer vir die sondes gebring en vir altyd aan die regterhand van God gaan sit.

¹³Nou wag Hy daar totdat sy vyande aan Hom onderwerp is.

¹⁴Deur die één offer het Hy dié wat vir God afgesonder word, vir altyd volkome van sonde vry gemaak.

¹⁵Ook die Heilige Gees betuig dit aan ons. Eers sê Hy:

¹⁶“Dit is die verbond wat Ek met hulle na daardie dae sal sluit, sê die Here. Ek sal hulle my wette in die hart gee, in hulle verstand sal Ek dit skrywe.”

¹⁷Dan sê Hy verder: “Aan hulle sondes en hulle oortredings sal Ek nooit meer dink nie.”

¹⁸Waar die sondes vergewe is, is geen offer daarvoor meer nodig nie.

Laat ons met vrymoedigheid na God gaan

¹⁹Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom,

²⁰en dit op 'n weg wat nuut is en na die lewe lei. Hierdie weg het Hy vir ons gebaan deur die voorhangsel heen, dit is deur sy liggaam.

²¹En terwyl ons Hom ook as groot priester oor die huis van God het,

²²laat ons tot God nader met 'n opregte hart en met volle geloofsekerheid. Ons harte is immers gereinig van 'n skuldige gewete, en ons liggame is gewas met skoon water.

²³Laat ons styf vashou aan die hoop wat ons bely, want God is getrou: Hy doen wat Hy beloof het.

²⁴Laat ons ook na mekaar omsien deur mekaar aan te spoor tot liefde en goeie dade.

²⁵Ons moenie van die samekomste van die gemeente af wegbly soos party se gewoonte is nie, maar mekaar eerder aanmoedig om daarheen te gaan, en dit des te meer namate julle die oordeelsdag sien nader kom.

God straf die opsetlike sondes

²⁶Wanneer ons opsetlik bly sondig nadat ons die kennis van die waarheid ontvang het, is daar geen offer meer wat ons sondes kan wegneem nie.

²⁷Daar bly alleen 'n verskriklike verwagting oor van oordeel en 'n gloeiende vuur wat die teenstanders van God sal verteer.

²⁸As iemand die wet van Moses oortree, en twee of drie getuies bevestig dit, word hy nie begenadig nie, hy word doodgemaak.

²⁹Hoeveel swaarder straf, dink julle, sal hy kry wat die Seun van God verag het, die bloed van die verbond waardeur hy geheilig is, geminag het en die Gees van genade beledig het?

³⁰Ons weet tog wie Hy is wat gesê het: “Dit is my reg om te straf; Ek sal vergeld;” en verder: “Die Here sal oor sy volk oordeel.”

³¹Dit is verskriklik om in die hande van die lewende God te val.

Volhard in die geloof

³²Dink terug aan vroeër dae toe God julle tot die lig gebring het, hoe julle in die stryd staande gebly het toe julle baie moes ly.

³³Deels is julle deur beledigings en vervolging openlik tot bespotting gemaak en deels het julle gely omdat julle julle vereenselwig het met ander wat hierdie dinge oorgekom het.

³⁴Julle het met die gevangenes meegevoel gehad, en toe op julle besittings beslag gelê is, het julle dit met blymoedigheid aanvaar omdat julle geweet het dat julle 'n besitting het wat beter en blywend is.

³⁵Julle geloofsvertroue moet julle dus nie prysgee nie: dit hou groot beloning in.

³⁶Volharding is wat julle nodig het om die wil van God te doen en te ontvang wat Hy beloof het.

³⁷Nog net “'n kort, kort tydjie, en Hy wat kom, sal kom en nie talm nie.

³⁸En wie deur My vrygespreek is omdat hy glo, sal lewe; maar as hy terugdeins, het Ek aan hom niks meer nie.”

³⁹Maar ons is nie van dié wat terugdeins en verlore gaan nie; nee, ons glo en ons sal lewe.

Hebreërs 11

Wat geloof is

- ¹Om te glo, is om seker te wees van die dinge wat ons hoop, om oortuig te wees van die dinge wat ons nie sien nie.
- ²Dit is immers vanweë hulle geloof dat daar oor die mense van die ou tyd met soveel lof getuig is.
- ³Omdat ons glo, weet ons dat die wêreld deur die woord van God geskep is: die sigbare dinge het dus nie ontstaan uit iets wat ons sien nie.
- ⁴Omdat Abel geglo het, het hy 'n beter offer aan God gebring as Kain. Vanweë Abel se geloof het hy van God bevestiging ontvang dat hy 'n opregte man is, want God het sy offers aangeneem; en deur dieselfde geloof spreek hy nou nog, al is hy reeds dood.
- ⁵Omdat Henog geglo het, is hy weggeneem sonder dat hy gesterf het, en hy was nêrens te vind nie, omdat God hom weggeneem het. Van hom word getuig dat hy, voordat hy weggeneem is, geleef het soos God dit wou.
- ⁶As 'n mens nie glo nie, is dit onmoontlik om te doen wat God wil. Wie tot God nader, moet glo dat Hy bestaan en dat Hy dié wat Hom seek, beloon.
- ⁷Omdat Noag geglo het, het hy God eerbiedig gehoorsaam toe hy gewaarsku is oor dinge wat nog nie gesien kon word nie. Daarom het hy die ark gebou om sy huisgesin te red. Sy geloof was 'n veroordeling van die wêreld, maar dit het hom erfgenaam gemaak van die vryspraak wat deur die geloof kom.
- ⁸Omdat Abraham geglo het, het hy gehoor gegee toe God hom geroep het om weg te trek na die plek toe wat hy as erfdeel sou ontvang. Hy het weggetrek sonder om te weet waar hy sou uitkom.
- ⁹Omdat hy geglo het, het hy in die beloofde land gaan woon, 'n vreemdeling in 'n vreemde land. In tente het hy daar gewoon, en so ook Isak en Jakob wat saam met hom erfgename van dieselfde belofte was,
- ¹⁰want hy het uitgesien na die stad wat vaste fondamente het en waarvan God self die ontwerper en bouer is.

¹¹Omdat Abraham geglo het, het hy, hoewel Sara onvrugbaar was en hy al te oud, krag ontvang om 'n kind te verwek, omdat hy God wat dit beloof het, getrou geag het.

¹²Die gevolg was dat daar van een man, 'n man wat nie meer 'n kind kon verwek nie, kinders afgestam het so talryk soos die sterre van die hemelruim en so baie soos die sand van die see.

¹³Terwyl hulle steeds geglo het, het al hierdie mense gesterwe sonder om te verkry wat beloof is, maar hulle het dit uit die verte gesien en daarvoor gejuig, en hulle het erken dat hulle hier op aarde slegs vreemdelinge en bywoners is.

¹⁴Mense wat so praat, gee daarmee duidelik te kenne dat hulle op soek is na 'n vaderland.

¹⁵As hulle terug verlang het na daardie land waaruit hulle weggetrek het, sou hulle die geleentheid gehad het om daarheen terug te gaan.

¹⁶Maar hulle het na 'n beter vaderland, dit is die hemelse, verlang. Daarom is God nie skaam om hulle God genoem te word nie; trouens, Hy het vir hulle 'n stad gereed gemaak.

¹⁷⁻¹⁸Omdat Abraham geglo het, het hy, toe hy op die proef gestel is, Isak as offer afgestaan. Ja, hy wat die belofte ontvang het en aan wie gesê is: “Uit Isak sal jou nageslag gebore word,” het gereed gestaan om sy enigste seun te offer.

¹⁹Hy was daarvan oortuig dat God by magte is om uit die dood op te wek, waaruit Abraham vir Isak ook, om dit so te stel, terug ontvang het.

²⁰Omdat Isak geglo het, het hy Jakob en Esau geseën met die oog op die toekoms.

²¹Omdat Jakob geglo het, het hy op sy sterfbed albei die seuns van Josef geseën en tot God gebid terwyl hy op die knop van sy kiere leun.

²²Omdat Josef geglo het, het hy kort voor sy dood melding gemaak van die uittog van die Israeliete en opdrag gegee in verband met sy liggaam.

²³Omdat die ouers van Moses geglo het, het hulle hom na sy geboorte drie maande lank weggesteek toe hulle sien dat hy 'n mooi kindjie is. Hulle was nie bang vir die bevel van die koning nie.

²⁴Omdat Moses geglo het, het hy toe hy groot geword het, geweier om die seun genoem te word van die farao se dogter.

²⁵Hy het verkies om liever sleg behandel te word saam met die volk van God as om die kortstondige genieting van sonde te hê.

²⁶Die smaad ter wille van die Christus het hy 'n groter rykdom geag as die skatte van Egipte, omdat hy na die beloning uitgesien het.

²⁷Omdat hy geglo het, het hy Egipte verlaat sonder dat hy vir die woede van die koning bang was. Hy het volhard soos iemand wat die onsienlike God sien.

²⁸Omdat hy geglo het, het hy die pasga ingestel en die bloed aan die deurkossyne laat smeer sodat die engel van die dood nie die eersgeborenes van Israel sou tref nie.

²⁹Omdat die Israeliete geglo het, het hulle deur die Rooisee getrek soos oor droë grond, terwyl die Egiptenaars verdrink het toe hulle dit ook probeer doen het.

³⁰Omdat die Israeliete geglo het, het die mure van Jerigo geval nadat hulle sewe dae daaromheen getrek het.

³¹Omdat Ragab, die prostituut, geglo het, het sy die verkenners vriendelik ontvang en het sy nie omgekom saam met dié wat aan God ongehoorsaam was nie.

³²En wat moet ek nog meer sê? Die tyd ontbreek my om te vertel van Gideon, Barak, Simson en Jefta, van Dawid, Samuel en die profete.

³³Deur die geloof het hulle koninkryke verower, die reg van God gehandhaaf en verkry wat God beloof het; hulle het leeu se bekke toegestop,

³⁴gloeierende vuur geblus en aan die swaard ontkom; hulle het in swakheid krag ontvang, was sterk in oorlog en het die leërs van vreemdes op die vlug gejaag.

³⁵Vroue het hulle dooies teruggekry, opgewek uit die dood. Ander gelowiges wou nie die prys vir hulle eie vrylating betaal nie en is doodgemartel; hulle wou die opstanding tot 'n beter lewe deelagtig word.

³⁶Ander weer het bespotting en lyfstraf verduur, selfs boeie en gevangenskap.

³⁷Gelowiges is met klippe doodgegooi, in stukke gesaag, met die swaard vermoor. Hulle het rondgeswerf in skaapvelle en in bokvelle. Hulle het gebrek gely, is verdruk en mishandel.

³⁸Die wêreld was hulle nie werd nie; hulle het rondgeswerf in woestyne en op berge en het in grotte en in gate in die grond gelewe.

³⁹En hoewel daar oor hulle almal vanweë hulle geloof met soveel lof getuig is, het hulle nie verkry wat beloof is nie,

⁴⁰omdat God vir ons iets beters beoog het, sodat hulle nie sonder ons die voleinding sou bereik nie.

Hebreërs 12

Die oog moet op Jesus gevestig wees

¹Terwyl ons dan so 'n groot skare geloofsgetuies rondom ons het, laat ons elke las van ons afgooi, ook die sonde wat ons so maklik verstriek, en laat ons die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop,

²die oog gevestig op Jesus, die Begin en Voleinder van die geloof. Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was, het Hy die kruis verduur sonder om vir die skande daarvan terug te deins, en Hy sit nou aan die regterkant van die troon van God.

³Hou Hom voor oë wat so 'n vyandige optrede van die sondaars teen Hom verdra het. Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie.

Die Here tug dié wat Hy liefhet

⁴Julle het nog nie so teen die sonde weerstand gebied dat dit vir julle 'n stryd om lewe of dood geword het nie.

⁵Julle het ook vergeet van die aanmoediging wat tot julle as kinders van God gerig word: “My kind, moet dit nie gering ag as die Here jou tug nie en moenie mismoedig word as Hy jou teregwys nie,

⁶want die Here tug hom wat Hy liefhet, Hy straf elkeen wat Hy as kind aanneem.”

⁷Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders. Is daar miskien 'n kind wat nie deur sy vader getug word nie?

⁸As julle nie getug word soos al die ander nie, dan is julle nie werklik sy kinders nie.

⁹Verder, ons het ons aardse vaders gehad wat ons getug het, en ons het vir hulle eerbied gehad. Sal ons ons nie nog des te meer aan die hemelse Vader onderwerp en lewe nie?

¹⁰Ons vaders het ons wel 'n kort tydjie na hulle goeddunke getug, maar Hy tug ons tot ons beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel.

¹¹Wanneer ons getug word, lyk die tug op daardie oomblik nie na iets om oor bly te wees nie, maar om oor te huil. Later lewer dit egter vir dié wat daardeur gevorm is, 'n goeie vrug: vrede omdat hulle gehoorsaam is aan die wil van God.

¹²Versterk daarom die slap hande en die lam knieë

¹³en loop die reguit pad. Dan sal wat lam is, nie uit lit raak nie, maar gesond word.

Moenie die genade van God verwerp nie

¹⁴Beywer julle vir vrede met alle mense asook vir 'n heilige lewe, waarsonder niemand die Here sal sien nie.

¹⁵Sorg dat niemand van die genade van God afvallig word nie. Sorg dat daar nie verbittering soos 'n wortel uitspruit, moeilikheid veroorsaak en baie besmet nie.

¹⁶Sorg ook dat niemand sedeloos en goddeloos lewe nie, soos Esau wat vir een maaltyd sy eersgeboortereg verkoop het.

¹⁷Julle weet dat hy verwerp is toe hy daarna die seën wou verkry. Daar was vir hom geen moontlikheid om die saak reg te stel nie, al het hy met trane daarna gesoek.

¹⁸Julle het immers nie gekom by 'n tasbare berg met brandende vuur, donderwolke, duisternis, stormwind,

¹⁹trompetgeskal en geklank van woorde nie. Hulle wat dit gehoor het, het gesmeek dat geen woord meer tot hulle gerig moes word nie.

²⁰Die bevel dat selfs 'n dier wat aan die berg raak, met klippe doodgegooi moet word, was vir hulle ondraaglik.

²¹So angswekkend was die verskynsel dat Moses uitgeroep het: “Ek sidder van angs! ”

²²Maar julle het wel gekom by Sionsberg en die stad van die lewende God, dit is die hemelse Jerusalem met sy miljoene engele, by die feestelike samekoms,

²³die vergadering van die eersgeborenes wie se name in die hemel opgeteken is. Julle het gekom by God wat Regter oor almal is, en by die geeste van dié wat vrygespreek en wat nou volmaak is,

²⁴by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, en by die besprinkelingsbloed wat van iets beters getuig as die bloed van Abel.

²⁵Pas op, moet Hom wat met julle praat, nie afwys nie. Hulle wat Hom afgewys het toe Hy sy Goddelike woord op aarde laat hoor het, het nie ontkom nie. Hoeveel minder sal ons ontkom wanneer ons nie ag slaan op Hom wat van die hemel af met ons praat nie?

²⁶Destyds het sy stem die aarde laat wankel, maar nou het Hy aangekondig: “Nog een maal sal Ek nie alleen die aarde laat bewe nie, maar ook die hemel.”

²⁷Die woorde “nog een maal” laat duidelik blyk dat die geskape dinge, wat reeds aan die wankel is, finaal weggeneem sal word, sodat die onwankelbare dinge kan bly.

²⁸Laat ons wat 'n onwankelbare koninkryk ontvang het, dan nou dankbaar wees. Laat ons God dankbaar dien met eerbied en ontsag, soos Hy dit wil,

²⁹want ons God is 'n verterende vuur.

Hebreërs 13

Die Christelike lewenswandel

¹As broers moet julle mekaar altyd liefhê.

²Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.

³Dink aan die gevangenes asof julle self ook gevangenes is, en aan dié wat mishandel word, asof julle self ook mishandel word.

⁴Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar, want ontugtiges en egbrekers sal onder die oordeel van God kom.

⁵Hou julle lewe vry van geldgierigheid; wees tevrede met wat julle het. God self het gesê: “Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie.”

⁶Daarom kan ons met vertroue sê: “Die Here is my helper, ek ken geen vrees nie: wat kan 'n mens aan my doen? ”

Loof God deur Jesus Christus

⁷Dink aan julle voorgangers wat die woord van God aan julle verkondig het. Let op hulle lewenswandel tot die einde toe, en volg die voorbeeld van geloof wat hulle gestel het.

⁸Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid.

⁹Moet julle nie laat meevoer deur allerhande vreemde leringe nie. Die goeie is daarin geleë dat die hart deur genade versterk word, nie deur eetgebruike nie. Dié wat hulle aan hierdie gebruike gehou het, het niks daarby gebaat nie.

¹⁰Ons het 'n altaar waarvan dié wat nog die offerdiens volgens die ou orde verrig, nie die reg het om te eet nie.

¹¹Die bloed van die offerdiere word deur die hoëpriester in die heiligdom ingebring vir die sonde, maar hulle liggame word buitekant die laer verbrand.

¹²Daarom het Jesus ook buitekant die stadspoort gely om die volk deur sy eie bloed van hulle sonde te reinig.

¹³Laat ons dan nou uitgaan na Hom toe buitekant die laer en die smaad dra wat Hy gedra het,

¹⁴want ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige.

¹⁵Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God 'n offer van lof bring, dié lof wat aan Hom gebring word deur die lippe wat sy Naam bely.

¹⁶Moenie nalaat om goed te doen en mededeelsaam te wees nie, want dít is die offers wat vir God aanneemlik is.

¹⁷Julle voorgangers hou wag oor julle lewe en moet aan God rekenskap gee. Wees gehoorsaam en onderdanig aan hulle, want dan sal hulle hulle werk met vreugde kan doen en nie kla nie; anders het dit vir julle geen nut nie.

¹⁸Hou aan om vir ons te bid, want ons is daarvan oortuig dat ons gewete skoon is, omdat ons in elke opsig probeer doen wat reg is.

¹⁹Veral dring ek by julle daarop aan om te bid dat God my gou na julle toe sal laat terugkom.

Gebed vir die lesers

²⁰God wat vrede gee, het ons Here Jesus wat deur die bloed van die ewige verbond die groot Herder van sy kudde is, uit die dood teruggebring.

²¹Mag dié God julle toerus met alles wat goed is, sodat julle sy wil kan doen. Mag Hy deur Jesus Christus in ons tot stand bring wat vir Hom aanneemlik is. Aan Hom behoort die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

Laaste versoek en groete

²²Broers, dit is my dringende versoek: Julle moet geduldig na hierdie woorde luister waarmee ek julle bemoedig het, al het ek dit net kortliks aan julle geskrywe.

²³Julle weet seker al dat ons broer Timoteus vrygelaat is. As hy gou genoeg kom, bring ek hom saam wanneer ek julle besoek.

²⁴Groete aan al julle voorgangers en aan al die gelowiges. Dié wat van Italië afkomstig is, stuur ook vir julle groete.

²⁵Die genade van God sal by julle almal wees!

Jakobus

Jakobus 1

¹Van Jakobus, 'n dienaar van God en die Here Jesus Christus. Aan die twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is. Groete!

Geloof en wysheid

²My broers, julle moet baie bly wees wanneer allerlei beproewings oor julle kom,

³want, soos julle weet, as julle geloof die toets deurstaan het, stel dit julle in staat om te volhard.

⁴En die volharding moet end-uit volgehou word sodat julle tot volle geestelike rypheid kan kom, sonder enige tekortkoming.

⁵As een van julle wysheid kortkom, moet hy dit van God bid, en Hy sal dit aan hom gee, want God gee aan almal sonder voorbehoud en sonder verwyf.

⁶Maar 'n mens moet gelowig bid en nie twyfel nie, want iemand wat twyfel, is soos 'n brander in die see wat deur die wind aangejaag en heen en weer gedryf word.

⁷⁻⁸So 'n mens wat altyd aan die twyfel is en onbestendig is in al sy doen en late, moet nie dink dat hy iets van die Here sal ontvang nie.

Arm en ryk in die gemeente

⁹'n Gelowige wat arm is, moet hom daarin verheug dat hy sy aansien in God het,

¹⁰en een wat ryk is, dat hy voor God gering is, want die ryke sal vergaan soos 'n veldblom.

¹¹As die son met sy gloeiende hitte opkom, verskroei dit die plantegroei, die blomme val af en die prag is daarmee heen. So sal die ryke ook tussen al sy bedrywighede deur vergaan.

Versoeking en verleiding

¹²Gelukkig is die mens wat in versoeking standvastig bly. As hy die toets deurstaan het, sal hy as oorwinningsprys die lewe ontvang wat die Here belowe het aan dié wat Hom liefhet.

¹³Iemand wat in versoeking kom, moet nooit sê: “Ek word deur God versoek” nie; want God kan nie verlei word nie, en self verlei Hy niemand nie.

¹⁴Maar 'n mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep.

¹⁵Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.

¹⁶Moenie julleself mislei nie, my liewe broers.

¹⁷Elke goeie gawe en elke volmaakte geskenk kom van Bo. Dit kom van die Vader wat die hemelligte geskep het, maar wat self nie soos hulle verander of verduister nie.

¹⁸Omdat dit sy wil was, het God ons deur die woord van die waarheid tot die lewe gebring, sodat ons, om dit so te stel, eerstelinge kan wees van alles wat Hy geskep het.

Hoor en doen

¹⁹My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie.

²⁰'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.

²¹Daarom moet julle al die sedelike vuilheid en ongeregtigheid opruim wat so welig tier, en ootmoedig die woord aanneem wat God in julle geplant het, want dié woord kan julle red.

²²Julle moet doen wat die woord sê en dit nie net aanhoor nie, anders bedrieg julle julleself.

²³Iemand wat altyd net die woord aanhoor en nooit doen wat dit sê nie, is soos een wat na sy gesig in 'n spieël kyk:

²⁴hy bekyk homself, gaan van die spieël af weg en vergeet dadelik hoe hy gelyk het.

²⁵Maar iemand wat hom verdiep in die volmaakte wet wat 'n mens vry maak, en hom daaraan hou en nie vergeet wat hy hoor nie, maar dit doen, hy sal gelukkig wees in wat hy doen.

²⁶As iemand dink hy is godsdienstig, maar hy hou nie sy tong in toom nie, bedrieg hy homself. Sy godsdiens is waardeloos.

²⁷Egte en suiwer godsdiens voor God die Vader is om weeskinders en weduwees in hulle moeilike omstandighede by te staan en om jou skoon te hou van die besmetting van die wêreld.

Jakobus 2

Moenie volgens die uiterlike oordeel nie

¹My broers, julle wat glo in ons Here Jesus Christus, die Here aan wie die heerlikheid behoort, moet mense nie volgens hulle uiterlike beoordeel nie.

²Sê nou daar kom in julle samekoms 'n man in met goue ringe aan sy vingers en met deftige klere aan en daar kom ook 'n brandarm man in met ou klere aan,

³en sê nou julle maak 'n ophef van die man met die deftige klere en julle sê vir hom: “Kom sit u hier gemaklik,” maar vir die arm man sê julle: “Gaan staan jy daar anderkant” of: “Kom sit hier by my voete,”

⁴het julle dan nie onder mekaar onderskeid gemaak en mense op grond van verkeerde oorwegings beoordeel nie?

⁵Luister, my liewe broers! Kies God nie juis dié uit wat in die oë van die wêreld arm is, om ryk te wees in die geloof en om die koninkryk in besit te neem wat Hy belowe het aan dié wat Hom liefhet nie?

⁶Maar julle behandel die arm man met minagting. Is dit nie die rykes deur wie julle uitgebuit word nie, en is dit nie hulle deur wie julle voor die hof gesleep word nie?

⁷Is dit nie hulle wat die goeie Naam skend van Hom aan wie julle behoort nie?

⁸As julle werklik die wet van die koninkryk van God onderhou soos dit in die Skrif staan: “Jy moet jou naaste liefhê soos jouself,” dan doen julle reg.

⁹Maar as julle die mense na die uiterlike beoordeel, doen julle sonde en veroordeel die wet van God julle as oortreders.

¹⁰As iemand die hele wet onderhou, maar in een opsig struikel, is hy skuldig ten opsigte van al die gebooie.

¹¹God wat gesê het: “Jy mag nie egbreuk pleeg nie,” het ook gesê: “Jy mag nie moord pleeg nie.” As jy nou nie egbreuk pleeg nie, maar wel moord, is jy tog 'n oortreder van die hele wet.

¹²Praat en tree dan op soos mense wat geoordeel sal word volgens die wet wat vry maak.

¹³Die oordeel sal onbarmhartig wees oor dié wat nie barmhartigheid betoon nie. Maar barmhartigheid triomfeer oor die oordeel.

Glo en doen

¹⁴Wat help dit, my broers, as iemand beweer dat hy glo, maar sy daade bevestig dit nie? Kan so 'n geloof 'n mens red?

¹⁵Sê nou daar is 'n broer of 'n suster wat nie klere het nie en dag vir dag honger ly,

¹⁶en sê nou een van julle sou vir hulle sê: “Mag dit met julle goed gaan; gaan trek julle warm aan en eet genoeg,” maar julle gee nie vir hulle wat hulle nodig het om van te lewe nie, wat help dit dan?

¹⁷So gaan dit ook met die geloof: as dit nie tot daade oorgaan nie, is dit sonder meer dood.

¹⁸Maar iemand kan miskien sê: “Die een het die geloof en die ander het die daade.” Goed, wys dan vir my jou geloof wat sonder daade is, en ek sal jou my geloof wys uit my daade.

¹⁹Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die bese geeste glo dit ook -- en hulle sidder van ang.

²⁰Jou dwaas, wil jy 'n bewys hê dat geloof sonder daade nutteloos is?

²¹Ons voorvader Abraham het sy seun Isak op die altaar gelê. Is dit nie op grond van wat hy gedoen het dat God hom vrygespreek het nie?

²²Jy sien dus dat sy geloof met daade gepaard gegaan het en dat dit eers deur daade volkome geword het.

²³So is die Skrif vervul wat sê: “Abraham het in God geglo, en God het hom vrygespreek,” en hy is 'n vriend van God genoem.

²⁴Julle sien dus dat 'n mens vrygespreek word op grond van sy daade en nie net op grond van sy geloof nie.

²⁵Is Ragab die prostituut nie ook vrygespreek op grond van wat sy gedoen het toe sy die verkenners weggesteek en hulle met 'n ander pad laat ontkom het nie?

²⁶'n Liggaam wat nie asemhaal nie, is dood. So is die geloof wat nie tot daade kom nie, ook dood.

Jakobus 3

Beheersing van die tong

¹My broers, julle moenie almal leermeesters wil wees nie, want julle moet weet dat ons wat leermeesters is, strenger as ander beoordeel sal word.

²Ons struikel almal in baie opsigte. As iemand nooit struikel in wat hy sê nie, is hy volmaak, by magte om ook sy hele liggaam in toom te hou.

³Vir perde sit ons 'n stang in die bek, en dan gehoorsaam hulle ons en het ons hulle hele liggaam onder beheer.

⁴Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk, word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil.

⁵So is die tong ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag. 'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek.

⁶Die tong is ook 'n vuur, 'n wêreld vol ongeregtigheid, die deel van die liggaam wat die hele mens besmet. Dit steek die hele lewe, van die geboorte af tot die dood toe, aan die brand, en self word dit uit die hel aan die brand gestee.

⁷Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem,

⁸maar geen mens kan die tong tem nie. Dit is 'n rustelose kwaad, vol dodelike gif.

⁹Met die tong loof ons die Here en Vader, en met die tong vloek ons die mense wat as die beeld van God gemaak is.

¹⁰Uit dieselfde mond kom lof en vloek. My broers, so moet dit nie wees nie.

¹¹'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en brak water opborrel nie.

¹²'n Vyeboom, my broers, kan tog nie olywe dra nie, of 'n druiwestok vye nie. 'n Brak fontein kan mos nie vars water gee nie!

Hemelse wysheid teenoor aardse en demoniese wysheid

¹³Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle? Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig.

¹⁴Terwyl daar bittere naywer en selfsug in julle harte is, moet julle nie daarmee spog dat julle wysheid het nie, want dan praat julle nie die waarheid nie.

¹⁵Dié soort wysheid kom nie van Bo nie, maar is aards, sinlik, demonies,

¹⁶want waar daar naywer en selfsug is, kom daar wanorde en allerhande gemene dade.

¹⁷Maar die wysheid wat van Bo kom, is allereers sonder bybedoelings, en verder is dit vredeliewend, insiklik, bedagsaam, vol medelye en goeie vrugte, onpartydig, opreg.

¹⁸Hierdie wysheid bring jou in die regte verhouding met God, en jy moet dit gebruik om vrede te maak.

Jakobus 4

Waarskuwing teen wêreldliefde en hoogmoed

¹Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie?

²Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei julle. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie.

³As julle bid, ontvang julle nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig.

⁴Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.

⁵Of dink julle dat die Skrif sonder rede sê dat God die gees wat Hy in ons laat woon, heeltemal vir Homself wil hê?

⁶Maar die genade wat Hy gee, is nog groter. Daarom sê Hy: “God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.”

⁷Onderwerp julle dan aan God. Staan die duiwel teë en hy sal van julle af wegvlug.

⁸Nader tot God en Hy sal tot julle nader. Was julle hande, sondaars, en reinig julle harte, huigelaars.

⁹Bekla julle ellende, treur en huil! Laat julle vrolikheid in rou verander en julle blydschap in droefheid.

¹⁰Onderwerp julle in nederigheid voor die Here, en Hy sal julle verhoog.

Moenie kwaad praat nie

¹¹Moenie van mekaar kwaad praat nie, broers. Hy wat van sy broer kwaad praat of sy broer veroordeel, praat kwaad van die wet en veroordeel die wet. En as jy die wet veroordeel, handel jy nie meer volgens die wet nie, maar speel jy regter daaroor.

¹²Daar is egter maar een Wetgewer en Regter, en dit is Hy wat die mag het om te red en te verdelg. Maar jy, wie is jy om regter te speel oor jou naaste?

Afhanklikheid van God

¹³Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na dié en dié stad toe gaan en 'n jaar lank daar bly; ons sal sake doen en geld maak.”

¹⁴Julle wat nie eers weet hoe julle lewe môre sal wees nie! Julle is maar 'n damp wat 'n oomblik verskyn en sommer weer verdwyn.

¹⁵Julle moet eerder sê: “As die Here wil, sal ons lewe en sal ons dit of dat doen.”

¹⁶Maar nou is julle te seker van julleself en praat julle groot. Al sulke grootpraterij is verkeerd.

¹⁷As iemand weet wat die regte ding is om te doen en hy doen dit nie, is dit sonde.

Jakobus 5

Waarskuwing aan rykes

¹En nou, julle rykaards, kerm en kla oor al die swaar wat oor julle gaan kom.

²Julle rykdom sal tot niet gaan en julle klere sal deur motte opgevreet word,

³julle goud en silwer sal verroes. Die roes sal teen julle getuig en aan julle vreet soos 'n vuur. Julle maak skatte bymekaar, en dit terwyl dit die laaste dae is.

⁴Ja, julle hou die loon agter van die werkers wat julle lande afgeoes het. Dit skreeu ten hemel; die geroep van dié wat geoes het, het tot by die Here die Almagtige gekom.

⁵Hier op aarde lewe julle in weelde en oordad; julle smul na hartelus, en dit terwyl die slagdag reeds daar is.

⁶Julle veroordeel en vermoor die onskuldige en hy bied geen teenstand nie.

Volharding

⁷Wag dan geduldig, broers, totdat die Here kom. Let op hoe die boer wag vir die kosbare oes wat die land oplewer. Hy wag geduldig daarvoor totdat dit die vroeë en die laat reëns gekry het.

⁸Julle moet ook geduldig wag en moed hou, want dit is nie meer lank nie, dan kom die Here.

⁹Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur.

¹⁰Broers, neem die profete wat in die Naam van die Here gepraat het, as voorbeelde van lyding en geduld.

¹¹Ons noem hulle geseënd omdat hulle volhard het. Julle het gehoor van die volharding van Job en julle het gesien waarop die Here dit laat uitloop het. Die Here is immers ryk aan barmhartigheid en ontferming.

Moenie 'n eed aflê nie

¹²My broers, dit is baie belangrik dat julle nie 'n eed moet aflê nie, nie by die hemel nie, nie by die aarde nie en ook nie enige ander eed nie. As julle “ja” sê, moet dit “ja” wees; as julle “nee” sê, moet dit “nee” wees. Dan sal julle nie veroordeel word nie.

Die gelowige gebed

¹³As daar iemand onder julle is wat swaar kry, moet hy bid. As daar iemand is wat opgeruimd is, moet hy lofliedere sing.

¹⁴As daar iemand van julle is wat siek is, moet hy die ouderlinge van die gemeente laat kom, en hulle moet vir hom bid en hom met olie self onder aanroeping van die Naam van die Here.

¹⁵En as hulle gelowig bid, sal dit vir die sieke genesing bring: die Here sal hom gesond maak. As hy gesondig het, sal dit hom vergewe word.

¹⁶Bely julle sondes eerlik teenoor mekaar en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word. Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking.

¹⁷Elia was 'n mens net soos ons. Hy het ernstig gebid dat dit nie moet reën nie, en in die land het dit drie jaar en ses maande lank nie gereën nie.

¹⁸Toe het hy weer gebid, en die hemel het reën gegee en die aarde het sy oes gelewêr.

¹⁹My broers, as een van julle van die waarheid afdwaal en iemand sou hom terugbring,

²⁰weet dan dat hy wat 'n sondaar van sy dwaalweg terugbring, hom uit die dood red en maak dat 'n menigte sondes vergewe word.

1 Petrus

1 Petrus 1

¹Van Petrus, 'n apostel van Jesus Christus. Aan die uitverkorenes van God, vreemdelinge in die wêreld, wat verspreid woon in die provinsies Pontus, Galasië, Kappadosië, Asië en Bitinië.

²Soos God die Vader dit vooraf bestem het, het Hy julle uitverkies en deur die Gees afgesonder om aan Hom gehoorsaam te wees en besprinkel te word met die bloed van Jesus Christus. Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees!

Die lewende hoop en die egte geloof

³Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop

⁴op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

⁵En omdat julle glo, word ook julle deur die krag van God veilig bewaar vir die saligheid wat reeds gereed is om aan die einde van die tyd geopenbaar te word.

⁶Verheug julle hieroor, selfs al is dit nodig dat julle 'n kort tydjie bedroef gemaak word deur allerhande beproewings

⁷sodat die egtheid van julle geloof getoets kan word. Julle geloof is baie kosbaarder as goud, goud wat vergaan. Selfs die suiwerheid van goud word met vuur getoets, en die egtheid van julle geloof moet ook getoets word, sodat dit lof en heerlikheid en eer waardig mag wees by die wederkoms van Jesus Christus.

⁸⁻⁹Hom het julle lief, al het julle Hom nie gesien nie. Deur in Hom te glo, al sien julle Hom nou nie, het julle reeds deel aan die saligheid wat die einddoel van julle geloof is. En dit vervul julle met 'n onuitspreeklike en heerlike blydschap.

Die verlossing reeds deur die profete aangekondig

¹⁰In verband met hierdie saligheid het die profete, wat die genade verkondig het wat vir julle bestem is, deeglik en noukeurig ondersoek ingestel.

¹¹Die Gees van Christus wat in hulle was, het vooruit verkondig dat Christus moet ly en daarna verheerlik sal word, en hulle het probeer naspur wat die tyd en die omstandighede sou wees wat die Gees bedoel het.

¹²Aan hulle is geopenbaar dat wat hulle geprofeteer het, nie vir hulleself bedoel was nie, maar vir julle. Nou het dié wat die evangelie aan julle verkondig het, dit aan julle bekend gemaak deur die Heilige Gees wat van die hemel af gestuur is. Dit is dinge waarin selfs engele begerig is om insig te kry.

Oproep om heilig te lewe

¹³Wees daarom verstandelik wakker en nugter, en vestig julle hoop volkome op die genade wat julle deel sal word by die wederkoms van Jesus Christus.

¹⁴As gehoorsame kinders moet julle nie julle lewe inrig volgens die begeertes wat julle vroeër gehad het toe julle God nie geken het nie.

¹⁵Nee, soos Hy wat julle geroep het, heilig is, moet julle ook in julle hele lewenswandel heilig wees.

¹⁶Daar staan immers geskrywe: “Wees heilig, want Ek is heilig.”

Losgekoop met die kosbare bloed van Christus

¹⁷Aangesien julle Hom as Vader aanroep wat oor elke mens onpartydig volgens sy dade oordeel, lewe dan in eerbied vir Hom gedurende die tyd van julle vreemdelingskap in die wêreld.

¹⁸Julle weet tog dat julle nie met verganklike middele soos silwer of goud losgekoop is uit julle oorgeërfde sinlose bestaan nie.

¹⁹Inteendeel, julle is losgekoop met die kosbare bloed van Christus, die Lam wat vlekloos en sonder liggaamsgebrek is.

²⁰Reeds voor die skepping van die wêreld is Hy hiervoor bestem, maar ter wille van julle het Hy eers in hierdie eindtyd gekom.

²¹Deur Hom glo julle in God wat Hom uit die dood opgewek en aan Hom heerlijkheid gegee het. Daarom is julle geloof en hoop op God gerig.

Weergebore deur die lewende en ewige woord van God

²²Noudat julle julle in gehoorsaamheid aan die waarheid gereinig het om mekaar as broers ongeveins lief te hê, moet julle mekaar dan ook van harte en vurig liefhê.

²³Julle is immers weergebore, nie uit verganklike saad nie, maar uit onverganklike saad: die lewende en ewige woord van God.

²⁴Die Skrif sê: “Die mens is soos gras, en al sy prag soos 'n veldblom; die gras verdor en die blom val af,

²⁵maar die woord van die Here, dít bly vir ewig.” En hierdie woord is die evangelie wat aan julle verkondig is.

1 Petrus 2

Die volk van God, gebou op die kosbare hoeksteen

¹Hou dan op met elke vorm van kwaad, met alle bedrog, huigelary, jaloesie en kwaadpraterij.

²Soos pasgebore kindertjies smag na melk, moet julle smag na die suiwer geestelike melk, sodat julle daardeur kan opgroei en die saligheid verkry.

³Julle het immers ondervind dat die Here goed is.

⁴Kom na Hom toe, die lewende steen, wat deur die mense afgekeur is, maar deur God vir die ereplek uitverkies is.

⁵Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis, om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

⁶Daarom staan daar in die Skrif: “Kyk, Ek lê in Sion 'n hoekklip, uitverkies vir die ereplek. Wie in Hom glo, word nooit teleurgestel nie.”

⁷Julle wat glo, deel in hierdie eer, maar vir dié wat nie glo nie, geld die woorde: “Die klip wat deur die bouers afgekeur is, juis hy het die belangrikste klip in die gebou geword”

⁸en: “'n klip waarom 'n mens struikel en 'n rots waarteen jy jou stamp.” Hulle struikel omdat hulle nie aan die woord gehoorsaam is nie. So het God dit ook vir hulle bestem.

⁹Julle, daarenteen, is 'n uitverkore volk, 'n koninklike priesterdom, 'n nasie wat vir God afgesonder is, die eiendomsvolk van God, die volk wat die verlossingsdade moet verkondig van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderbare lig.

¹⁰Julle was vroeër geen volk nie, maar nou is julle die volk van God. Julle het tóé geen barmhartigheid ontvang nie, maar nou het God aan julle barmhartigheid bewys.

Gedra julle altyd goed

¹¹Geliefdes, in die wêreld is julle vreemdelinge en bywoners. Daarom dring ek by julle daarop aan om nie aan sinlike begeertes toe te gee nie. Dit verwoes net 'n mens se lewe.

¹²Gedra julle altyd goed onder die heidene sodat, al praat hulle kwaad van julle asof julle misdadigers is, hulle julle voorbeeldige lewe kan sien en God kan verheerlik op die dag van afrekening.

¹³Omdat die Here dit wil, moet julle julle onderwerp aan elke menslike owerheid, of dit nou die keiser as hoogste gesag is

¹⁴of die goewerneurs as sy gevolmagtigdes wat dié wat kwaad doen, moet straf, maar dié wat goed doen, moet prys.

¹⁵Dit is die wil van God dat julle deur goed te doen, 'n einde sal maak aan die kwaad wat mense sonder begrip uit onkunde praat.

¹⁶Julle is vry, maar moenie julle vryheid gebruik as dekmantel om kwaad te doen nie. Gebruik dit om God te dien.

17Julle moet alle mense respekteer en julle medegelowiges liefhê. Vrees God. Eer die keiser.

Christus die voorbeeld vir dié wat ly

(Vgl. Ef. 6:5-8; Kol. 3:22-25)

18Bediendes, onderwerp julle met die nodige ontsag aan julle werkgewers, of hulle nou goedhartig en vriendelik is, of onredelik.

19Dit is genade as iemand die pyn van onverdiende lyding verduur omdat hy aan God getrou wil wees.

20As julle gestraf word wanneer julle oortree het, watter verdienste is daarin as julle dit verdra? Maar om lyding te verdra wanneer julle goed doen, dit is genade van God.

21Juis hiervoor is julle ook geroep, omdat Christus self vir julle gely en so vir julle 'n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.

22“Hy het geen sonde gedoen nie en uit sy mond het daar nooit 'n leuen gekom nie.”

23Toe Hy beledig is, het Hy nie terug beledig nie, toe Hy gely het, het Hy nie gedreig nie, maar alles oorgelaat aan Hom wat regverdig oordeel.

24Hy het self ons sondes in sy liggaam aan die kruis gedra. Daardeur is ons vir die sondes dood en kan ons lewe in gehoorsaamheid aan die wil van God. Deur sy wonde is julle genees.

25Julle het immers soos skape rondgedwaal, maar nou het julle teruggekom na julle Herder en die Bewaker van julle lewe.

1 Petrus 3

Die gedrag van man en vrou teenoor mekaar

(Vgl. Ef. 5:22-32; Kol. 3:18-19)

1-2Vrouens, julle moet aan julle mans onderdanig wees. As daar van julle is met mans wat nie die woord van God glo nie, en die mans sien hoe godvresend julle is en hoe voorbeeldig julle julle gedra, sal hulle vir Christus gewen kan word deur die gedrag van hulle vrouens. Dit sal nie eens vir julle nodig wees om 'n woord te sê nie.

³Julle skoonheid moet nie bestaan in uiterlike dinge soos haarkapsels, juwele en sierlike klere nie.

⁴Nee, julle skoonheid moet dié van die innerlike mens wees: blywende beskeidenheid en kalmte van gees. Dit het by God groot waarde.

⁵In die ou dae het die gelowige vrouens wat op God gehoop het, hulle ook so versier: hulle was aan hulle mans onderdanig.

⁶Sara, byvoorbeeld, was aan Abraham gehoorsaam en het met eerbied na hom verwys. As julle doen wat goed is en julle nie deur dreigemente laat afskrik nie, is julle haar dogters.

⁷Mans, julle moet verstandig met julle vrouens saamleef. Bewys eer aan hulle as die swakker geslag wat saam met julle deel in die lewe as genadegawe. Dan sal julle kan bid sonder dat iets julle hinder.

Hoe elkeen hom moet gedra

⁸Ten slotte: Wees almal eensgesind, medelydend, liefdevol, goedhartig, nederig.

⁹Moenie kwaad met kwaad vergeld of belediging met belediging nie. Inteendeel, antwoord met 'n seënwen, want daartoe is julle geroep, sodat julle die seën van God kan verkry.

¹⁰Daar staan geskrywe: “As iemand die lewe liefhet en 'n lang lewe begeer om die goeie te geniet, moet hy sy tong weerhou van kwaadpraat en sy lippe van leuens.

¹¹Bly weg van die kwaad af en doen wat goed is, soek vrede en jaag dit na!

¹²Die Here sorg vir die opregtes en luister na hulle hulpgeroep, maar Hy tree op teen dié wat kwaad doen.”

Dit is 'n voorreg om te ly vir wat goed is

¹³Wie sal julle kwaad aandoen as julle julle beywer vir wat goed is?

¹⁴Maar selfs as julle sou ly omdat julle doen wat reg is, moet julle dit as 'n voorreg beskou. Moenie vir mense bang wees of julle laat afskrik nie.

¹⁵In julle harte moet daar net heilige eerbied wees vir Christus die Here. Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe.

¹⁶Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het.

¹⁷As dit die wil van God mag wees dat julle moet ly wanneer julle goed doen, is dit beter só as om te ly wanneer julle kwaad doen.

¹⁸Ook Christus het een maal vir die sondes gely, die onskuldige vir die skuldiges, om julle na God te bring, Christus wat as mens doodgemaak is, maar deur die Gees lewend gemaak is.

¹⁹En so het Hy na die geeste in die gevangenis gegaan en daar sy oorwinning aangekondig.

²⁰Dit is hulle wat aan God ongehoorsaam gebly het toe Hy groot geduld met hulle aan die dag gelê het in die tyd toe Noag die ark gebou het. Net 'n klein klompie in die ark, ag in getal, is deur die water gered.

²¹Dit dui op die doop, waardeur julle ook nou gered word. Die doop is nie 'n afwassing van die vuilheid van die liggaam nie, maar 'n bede tot God om 'n skoon gewete, en dit red julle op grond van die opstanding van Jesus Christus.

²²Hy is nou aan die regterhand van God nadat Hy die engele en magte en kragte aan Hom onderwerp het en die hemel ingegaan het.

1 Petrus 4

Wie gely het, het met die sonde afgereken

¹Omdat Christus dan liggaamlik gely het, moet julle julle ook met die gedagte wapen dat wie liggaamlik gely het, met die sonde afgereken het:

²vir die res van sy aardse bestaan word sy lewe nie meer beheers deur menslike begeertes nie, maar deur die wil van God.

³In die verlede toe julle nog heidene was, is julle lewe lank genoeg beheers deur julle heidense begeertes: losbandigheid, wellus, dronkenskap, swelg- en drinkpartye en afskuwelike afgodery.

⁴Nou vind die heidene dit vreemd dat julle nie langer met hierdie stroom van losbandigheid saamgaan nie, en hulle beswadder julle.

⁵Hulle sal rekenskap moet gee aan Hom wat klaar staan om oor die lewendes en die dooies te oordeel.

⁶Daarom is die evangelie immers ook verkondig aan dié wat nou dood is sodat, hoewel hulle as mense onder die oordeel was om na die liggaam te sterwe, hulle na die gees sou lewe soos God lewe.

Dien mekaar met julle gawes

⁷Die einde van alles is naby. Daarom moet julle selfbeheers en nugter wees, sodat julle kan bid.

⁸Bo alles moet julle mekaar hartlik liefhê, want die liefde bedek baie sondes.

⁹Wees gasvry teenoor mekaar sonder om te kla.

¹⁰As goeie bedienaars van die veelvoudige genade van God moet elkeen, namate hy 'n genadegawe ontvang het, die ander dien.

¹¹As iemand die gawe ontvang het om te preek, moet God deur hom aan die woord kom; as dit is om in die gemeente te dien, moet hy dien met die krag wat God verleen. So moet julle God in alles verheerlik deur Jesus Christus, aan wie die heerlikheid en die krag behoort tot in alle ewigheid! Amen.

Om as Christen te ly

¹²Geliefdes, moenie verbaas wees oor die vuurproef waaraan julle onderwerp word nie. Dit is nie iets vreemds wat met julle gebeur nie.

¹³Wees liewer bly hoe meer julle in die lyding van Christus deel, want dan sal julle ook oorloop van vreugde by sy wederkoms in heerlikheid.

¹⁴Geseënd is julle wanneer julle beledig word ter wille van die Naam van Christus. Dit is 'n bewys dat die Gees aan wie die heerlijkheid behoort, die Gees van God, op julle bly.

¹⁵As een van julle ly, moet dit nie wees omdat hy 'n moordenaar is of 'n dief of 'n misdadiger of 'n kwaadstoker nie.

¹⁶Maar wanneer iemand ly omdat hy 'n Christen is, moet hy hom nie daaroor skaam nie. Intendeel, as draer van daardie naam moet hy God verheerlik.

¹⁷Die tyd vir die oordeel het aangebreek; dit begin by die huis van God. En as ook ons geoordeel word, en dit is nog maar die begin, wat sal die uiteinde dan wees van hulle wat nie na die evangelie van God wou luister nie?

¹⁸“As 'n gelowige beswaarlik gered word, wat word dan van 'n goddelose en 'n sondaar? ”

¹⁹Daarom moet dié wat ly omdat God dit wil, hulle lewe toevertrou aan die getroue Skepper, en aanhou goed doen.

1 Petrus 5

Die ouderlinge moet toesig hou

¹As mede-ouderling en getuie van die lyding van Christus en ook deelgenoot aan die heerlijkheid wat geopenbaar sal word, dring ek by die ouderlinge onder julle daarop aan:

²Pas die kudde van God wat aan julle toevertrou is, goed op. Hou toesig oor hulle, nie uit dwang nie, maar gewillig soos God dit verwag; nie om eie gewin nie, maar uit toegewydheid;

³ook nie deur baas te speel oor dié wat God aan julle sorg toevertrou het nie, maar deur 'n voorbeeld vir die kudde te wees.

⁴En dan, wanneer die Opperherder kom, sal julle die heerlijkheid as onverganklike kroon ontvang.

Wees nederig

⁵En julle wat jonger is, moet aan die ouer mense onderdanig wees. Almal moet trouens teenoor mekaar nederig wees en mekaar help, want “God weerstaan die hoogmoediges, maar aan die nederiges gee Hy genade.”

⁶Onderwerp julle daarom in nederigheid aan die kragtige hand van God, sodat Hy julle kan verhoog op die tyd wat Hy bestem het.

⁷Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle.

Weerstaan die duiwel, God sal die krag gee

⁸Wees nugter, wees wakker! Julle vyand, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, op soek na iemand om te verslind.

⁹Bly standvastig in die geloof en staan hom teë. En moenie vergeet nie: dwarsdeur die wêreld moet julle medegelowiges dieselfde soort lyding verduur.

¹⁰God wat alle genade gee en wat julle geroep het om in Christus Jesus deel te hê aan sy ewige heerlikheid, sal julle, nadat julle 'n kort tydjie gely het, self weer oprig en julle moedig, sterk en standvastig maak.

¹¹Aan Hom behoort die krag tot in ewigheid! Amen.

Mededeling en groete

¹²Silvanus, wat na my mening 'n getroue broer is, het vir my hierdie kort briefie aan julle op skrif gestel. Ek het geskrywe om julle te bemoedig en julle te verseker dat hierdie dinge die ware genade van God is. Staan hierin vas!

¹³Die gemeente in Babilon, 'n uitverkore gemeente net soos julle, asook Markus, my seun, stuur vir julle groete.

¹⁴Groet mekaar met 'n soen van Christelike liefde. Vrede vir julle almal wat in Christus is!

2 Petrus

2 Petrus 1

¹Van Simon Petrus, 'n dienaar en apostel van Jesus Christus. Aan dié wat deur die regverdige beskikking van ons God en Verlosser, Jesus Christus, dieselfde kosbare geloof as ons ontvang het.

²Mag daar vir julle genade en vrede in oorvloed wees deur julle kennis van God en van Jesus ons Here!

Die Christen se roeping en verkiesing

³Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag.

⁴Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur.

⁵En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis,

⁶die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug,

⁷die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

⁸As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken.

⁹Iemand wat hierdie dinge nie sy eie maak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is.

¹⁰Daarom, broers, moet julle julle des te meer daarvoor beywer om deur julle lewe te bewys dat God julle geroep en verkies het. As julle hierdie dinge doen, sal julle nooit struikel nie.

¹¹En dan sal daar vir julle vrye en feestelike toegang wees tot die ewige koninkryk van ons Here en Verlosser, Jesus Christus.

¹²Om hierdie rede sal ek julle altyd aan hierdie dinge herinner, al weet julle dit en al staan julle reeds vas in die waarheid wat aan julle bekend gemaak is.

¹³Ek ag dit immers my plig om julle aan te spoor deur julle hieraan te herinner so lank as ek nog lewe.

¹⁴Ek weet dat my dood nie meer ver is nie. Ons Here Jesus Christus het dit trouens duidelik aan my bekend gemaak.

¹⁵Daarom sal ek my daarvoor beywer dat julle ook ná my heengaan altyd hierdie dinge sal onthou.

Die heerlijkheid van Christus en die boodskap van die profete

¹⁶Toe ons aan julle die krag van ons Here Jesus Christus en sy wederkoms bekend gemaak het, het ons ons nie op versinsels of legendes verlaat nie. Nee, met ons eie oë het ons Hom in al sy majesteit gesien.

¹⁷Hy het van God die Vader eer en heerlijkheid ontvang toe die Allerhoogste Majesteit gesê het: “Dit is my geliefde Seun oor wie Ek My verheug.”

¹⁸Die stem uit die hemel het ons self gehoor toe ons saam met Hom op die heilige berg was.

¹⁹En dit het vir ons die boodskap van die profete nog meer bevestig. Hierdie boodskap is soos 'n lamp wat in 'n donker plek skyn. Julle sal goed doen as julle in sy lig bly totdat die dag aanbreek en die môrester opkom in julle harte.

²⁰Dit veral moet julle weet: geen profesie in die Skrif kan op grond van eie insig reg uitgelê word nie,

²¹want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.

2 Petrus 2

Die vals leraars en hulle dwaalleer

(Vgl. Jud. 4-13)

¹Maar daar was ook vals profete onder die volk, en so sal daar ook onder julle vals leraars kom. Hulle sal verderflike dwaalleer insmokkel en die Here wat hulle vrygekoop het, verloën. So sal hulle hulleself baie gou in die verderf stort.

²Baie mense sal hulle losbandigheid navolg, en deur hulle toedoen sal mense kwaad praat van die Weg van die waarheid.

³In hulle hebsug sal hulle julle met allerhande stories uitbuit. Maar hulle vonnis is lankal gevel, en hulle ondergang is onafwendbaar.

⁴God het selfs die engele wat gesondig het, nie gespaar nie. Hy het hulle in die hel gestort en hulle laat boei om in die duisternis gevange gehou te word vir die oordeel.

⁵Hy het ook die wêreld van die outyd nie gespaar nie, maar die sondvloed oor die wêreld van goddelose mense gebring. Net vir Noag wat die wil van God verkondig het, en sewe ander mense het Hy gered.

⁶Die stede Sodom en Gomorra het Hy tot verwoesting veroordeel en tot as verbrand, en met hierdie voorbeeld het Hy getoon wat oor die goddelose mense gaan kom.

⁷En tog het Hy vir Lot gered, 'n eerbare man wat gebuk moes gaan onder die losbandige lewenswyse van sedelose mense.

⁸Terwyl hy tussen hulle gewoon het, moes hierdie eerbare man dag vir dag soveel van hulle gruweldade aanskou en sulke dinge aanhoor dat dit 'n foltering was vir sy opregte gemoed.

⁹Die Here weet dus om dié wat Hom dien, uit beproewing te red, maar om die goddeloses te straf en vir die oordeelsdag gevange te hou.

¹⁰Veral hulle sal gestraf word wat toegee aan hulle wellustige vleeslike begeertes en wat die gesag van die Here verag. Hierdie leraars is uitdagend en verwaand en huiwer nie om hemelwesens te beledig nie.

¹¹Selfs die engele, wat tog baie sterker en magtiger is, bring nie voor die Here lasterlike aanklagte teen hierdie wesens in nie.

¹²Maar hierdie mense praat lasterlik van dinge waarvan hulle niks verstaan nie. Hulle is soos verstandlose wilde diere wat voortgebring word om gevang en doodgemaak te word. Soos wilde diere sal hulle ook verdelg word.

¹³Vir hulle goddeloosheid sal hulle die loon van die goddelose ontvang. Hulle verlustig hulle daarin om helder oordag swelgpartye te hou. Wanneer hulle saam met julle eet, is hulle 'n smet en 'n skande omdat hulle hulle aan uitspattighede te buite gaan.

¹⁴Hulle oë is die ene wellus, en aan sonde kry hulle net nie genoeg nie. Hulle verlei onstandvastige mense en is bedrewe geldwolwe, die vervloektes!

¹⁵Hulle het die reguit pad verlaat en verdwaal geraak. Hulle het die weg gevolg van Bileam seun van Beor wat daarop uit was om vir geld onreg te pleeg,

¹⁶maar wat oor sy oortreding bestraf is. 'n Stom rydier het met die stem van 'n mens gepraat en 'n einde gemaak aan die onsinnige optrede van die profeet.

¹⁷Hierdie mense is droë fonteine, miswolke wat deur 'n stormwind voortgejaag word. Vir hulle word in die diepste duisternis plek gehou.

¹⁸Hulle is aanmatigend en sê sinlose dinge. Met wellus en losbandigheid verlei hulle die mense wat pas vrygekom het uit die kring van dié wat op dwaalweë verkeer.

¹⁹Hulle belowe vryheid aan hierdie mense, al is hulle self slawe van die verderf; want as iets jou in sy mag het, is jy sy slaaf.

²⁰Mense wat van die besmettinge van die wêreld vrygekom het deurdat hulle ons Here en Verlosser, Jesus Christus, leer ken het, en wat weer daarin vasgevang en daardeur oorweldig word, is aan die einde slegter daaraan toe as aan die begin.

²¹Dit sou vir hulle beter gewees het as hulle die wil van God nie leer ken het nie as dat hulle dit wel leer ken het en daarna afgewyk het van die heilige gebod wat aan hulle oorgedra is.

²²Van hulle is die spreekwoorde waar: “'n Hond gaan terug na sy braaksel toe” en: “'n Vark wat gewas is, gaan rol weer in die modder.”

2 Petrus 3

Die wederkoms van die Here en die oordeelsdag

¹Geliefdes, dit is al die tweede brief wat ek aan julle skrywe. In albei het ek geprobeer om julle weer helder te laat dink deur julle te herinner aan

²die woorde wat vroeër deur die heilige profete verkondig is, asook aan die gebod van die Here en Verlosser wat deur julle apostels aan julle oorgedra is.

³Veral moet julle weet dat daar in die laaste dae mense op die toneel sal verskyn wat die spot dryf en wie se lewe net deur hulle eie begeertes beheers word. Hulle sal spot

⁴en sê: “En wat het nou geword van die belofte van sy wederkoms? Ons vaders is al dood, en tog bly alles nog net soos dit was van die begin van die skepping af.”

⁵Hiermee vergeet hulle moedswillig dat daar lank gelede 'n hemel en 'n aarde was wat deur die woord van God uit water en deur water ontstaan het.

⁶En dit is ook deur water dat die wêreld van daardie tyd oorstrom is en vergaan het.

⁷Maar die hemel en die aarde van vandag is bestem en word bewaar vir die vuur, ook deur die woord van God, en word in stand gehou tot op die dag waarop die goddelose mense veroordeel en verdelg sal word.

⁸Een ding moet julle egter nie vergeet nie, geliefdes: vir die Here is een dag soos duisend jaar en duisend jaar soos een dag.

⁹Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

¹⁰Maar die dag van die Here sal so onverwags soos 'n dief kom. En op dié dag sal die hemel met 'n groot gedruis verdwyn, die hemelliggame brand en tot niet gaan, en die aarde met alles wat daarop is, vergaan.

¹¹Aangesien al hierdie dinge so aan hulle einde gaan kom, moet julle des te meer vroom en aan God toegewy lewe.

¹²Leef in verwagting dat die dag van God kom en beywer julle daarvoor, die dag waarop die hemel in vlamme sal vergaan en die hemelliggame sal brand en wegs melt.

¹³Maar ons leef in die verwagting van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde wat God belowe het en waar die wil van God sal heers.

¹⁴Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, moet julle julle daarvoor beywer om vlekkeloos en onberispelik voor God, en in vrede met Hom, te lewe.

¹⁵En beskou die geduld wat ons Here met ons het as geleentheid om gered te word. So het ons geliefde broer Paulus immers ook met die wysheid wat aan hom gegee is, aan julle geskrywe.

¹⁶Hy skryf dit ook in al sy briewe waarin hy oor hierdie saak handel. Daar is dinge in sy briewe wat moeilik is om te verstaan. Oningeligte en onstandvastige mense gee daaraan 'n verkeerde uitleg, soos hulle trouens ook doen met die res van die Skrif, en dit tot hulle eie ondergang.

¹⁷Geliefdes, julle weet dit nou vooruit. Wees dus op julle hoede dat julle nie meegesleep word deur die dwaling van beginsellose mense en so van julle eie standvastigheid beroof word nie.

¹⁸Sorg daarenteen dat julle steeds toeneem in die genade en kennis van ons Here en Verlosser, Jesus Christus. Aan Hom behoort die heerlijkheid, nou en tot in ewigheid! Amen.

1 Johannes

1 Johannes 1

Die Woord wat die Lewe is

¹Van die begin af was Hy daar. Ons het Hom self gehoor; ons het Hom met ons eie oë gesien; ja, ons het Hom gesien en met ons hande aan Hom geraak. Hy is die Woord, die Lewe.

²Die Lewe het gekom; ons het Hom gesien en is getuie daarvan, en ons verkondig aan julle die Ewige Lewe wat by die Vader was en aan ons geopenbaar is.

³Hom wat ons gesien en gehoor het, verkondig ons aan julle, sodat julle aan ons gemeenskap deel kan hê. En die gemeenskap waaraan ons deel het, is dié met die Vader en met sy Seun, Jesus Christus.

⁴Dit skryf ons sodat ons blydschap volkome kan wees.

God is lig

⁵Dit is nou die boodskap wat ons by Hom gehoor het en aan julle verkondig: God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.

⁶As ons beweer dat ons aan Hom deel het, en ons lewe in die duisternis, lieg ons en handel ons nie volgens die waarheid nie.

⁷Maar as ons in die lig lewe soos Hy in die lig is, het ons met mekaar deel aan dieselfde gemeenskap en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde.

⁸As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie.

⁹Maar as ons ons sondes bely — Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid.

¹⁰As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

1 Johannes 2

Ons het Jesus as ons voorspraak by die Vader

¹Dit skrywe ek aan julle, my liewe kinders, dat julle nie moet sondig nie. En as een van ons sondig — ons het Jesus Christus, die regverdige, as ons voorspraak by die Vader.

²Hy is die versoening vir ons sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.

³As ons die gebooie van God gehoorsaam, weet ons daaraan dat ons Hom ken.

⁴Iemand wat sê: “Ek ken Hom,” maar nie sy gebooie gehoorsaam nie, is 'n leuenaar, en die waarheid is nie in hom nie.

⁵Wie sy woord egter gehoorsaam — in hom het die liefde van God werklik sy doel volkome bereik. Hieraan weet ons dat ons in Hom is.

⁶Wie beweer dat hy in Hom bly, behoort self ook te lewe soos Jesus gelewe het.

Die nuwe gebod

⁷Geliefdes, dit is nie 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe nie, maar 'n ou gebod wat julle van die begin af gehad het. Die ou gebod is die boodskap wat julle gehoor het.

⁸Tog is dit ook 'n nuwe gebod wat ek aan julle voorskrywe. Dat dit werklik so is, is te sien in Jesus en ook in julle, want die duisternis is aan die verbygaan, en die ware lig skyn alreeds.

⁹As iemand beweer dat hy in die lig is, maar hy haat sy broer, is hy nog steeds in die duisternis.

¹⁰Wie sy broer liefhet, bly in die lig, en daar is niks wat hom laat struikel nie.

¹¹Maar wie sy broer haat, is in die duisternis en lewe in die duisternis en weet nie waar hy gaan uitkom nie, omdat die duisternis hom blind gemaak het.

Moenie die wêreld liefhê nie

¹²Ek skrywe vir julle, liewe kinders, omdat julle sondes vergewe is in die Naam van Jesus.

¹³Ek skrywe vir julle, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek skrywe vir julle, jongmense, omdat julle die Bose oorwin het.

¹⁴Ek het vir julle geskrywe, kinders, omdat julle die Vader ken. Ek het vir julle geskrywe, vaders, omdat julle Jesus ken wat van die begin af daar was. Ek het vir julle geskrywe, jongmense, omdat julle sterk is en die woord van God in julle bly en julle die Bose oorwin het.

¹⁵Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie.

¹⁶Die wêreldse dinge — alles wat die sondige mens begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit — kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld.

¹⁷En die wêreld met sy verleidelike dinge gaan verby, maar wie die wil van God doen, bly ewig lewe.

Die antichriste

¹⁸Kinders, dit is die laaste uur. Julle het gehoor dat daar 'n antichris kom; en daar is nou reeds baie antichriste. Daaruit weet ons dat dit die laaste uur is.

¹⁹Hulle het wel uit ons geledere voortgekom, maar niemand van hulle was ooit werklik een van ons nie, want as hulle werklik van ons was, sou hulle by ons gebly het. Dit moes duidelik word dat geeneen van hulle werklik een van ons is nie.

²⁰Julle is egter deur die Heilige Gees gesalf, en julle ken almal die waarheid.

²¹Ek skrywe nie vir julle omdat julle nie die waarheid sou ken nie, maar juis omdat julle dit ken en weet dat daar geen leuen uit die waarheid voortkom nie.

²²Wie is die leuenaar anders as hy wat nie wil erken dat Jesus werklik die Christus is nie? Hy is die antichris, hy wat nie die Vader en die Seun wil erken nie.

²³Wie nie die Seun erken nie, verwerp ook die Vader; wie die Seun erken, erken ook die Vader.

²⁴Wat julle betref, wat julle van die begin af gehoor het, moet in julle bly. As wat julle van die begin af gehoor het, in julle bly, sal julle ook in die Seun en in die Vader bly.

²⁵En dít is wat die Seun ons belowe het: die ewige lewe.

²⁶Dit het ek aan julle geskrywe oor die mense wat vir julle wil mislei.

²⁷Wat julle egter betref, die Gees waarmee Hy julle gesalf het, bly in julle, en julle het niemand anders nodig om julle te leer nie. Sy Gees leer julle alles, en wat Hy julle leer, is die waarheid en geen leuen nie. Ja, soos Hy julle geleer het, moet julle in die Seun bly.

Kinders van God

²⁸En nou, liewe kinders, julle moet in Hom bly, sodat ons almal niks te vrees sal hê wanneer Hy kom nie en by sy wederkoms nie beskaamd voor Hom sal staan nie.

²⁹Aangesien julle weet dat Hy regverdig is, weet julle ook dat elkeen wat regverdig lewe, 'n kind van God is.

1 Johannes 3

¹Kyk watter groot liefde die Vader aan ons bewys het: Hy noem ons kinders van God, en ons is dit ook. En die wêreld ken ons nie, omdat dit Hom nie ken nie.

²Geliefdes, ons is nou reeds kinders van God. Dit is nog nie geopenbaar wat ons sal wees nie, maar ons weet dat, wanneer Jesus kom, ons soos Hy sal wees. Ons sal Hom sien soos Hy werklik is.

³Elkeen wat hierdie verwagting in verband met Hom koester, hou homself rein soos Jesus rein is.

⁴Elkeen wat sonde doen, oortree die wet van God. Sonde is immers oortreding van die wet van God.

⁵Julle weet dat Jesus gekom het om die sondes weg te neem, en daar is geen sonde in Hom nie.

⁶Iemand wat in Hom bly, hou nie aan met sondig nie; iemand wat aanhou sondig, het Hom nie gesien nie en ken Hom nie.

⁷Liewe kinders, moenie dat iemand julle mislei nie: wie regverdig lewe, is regverdig soos Hy regverdig is;

⁸wie aanhou sonde doen, behoort aan die duiwel, want die duiwel hou van die begin af aan met sondig. En die Seun van God het juis gekom om die werk van die duiwel tot niet te maak.

⁹Iemand wat 'n kind van God is, doen nie meer sonde nie, omdat die Gees van God in hom bly; en hy kan nie meer sondig nie, omdat hy uit God gebore is.

¹⁰Hiëraan is dit duidelik wie kinders van God en wie kinders van die duiwel is: iemand wat nie regverdig lewe nie en nie sy broer liefhet nie, behoort nie aan God nie.

Liefde vir mekaar

¹¹Dit is immers die boodskap wat julle van die begin af gehoor het: Ons moet mekaar liefhê.

¹²Moenie soos Kain wees nie. Hy het aan die Bose behoort en het sy broer vermoor. En waarom het hy hom vermoor? Omdat sy eie dade sleg was en sy broer s'n reg.

¹³Broers, moenie verbaas wees as die wêreld julle haat nie.

¹⁴Ons weet dat ons klaar uit die dood na die lewe oorgegaan het, want ons het ons broers lief. Wie nie liefhet nie, bly in die dood.

¹⁵Elkeen wat sy broer haat, is 'n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie.

¹⁶Hiëraan weet ons wat liefde is: Jesus het sy lewe vir ons afgelê. Ons behoort ook ons lewens vir ons broers af te lê.

¹⁷Wie aardse besittings het en sy broer sien gebrek ly, maar geen gevoel vir hom het nie — hoe kan die liefde van God in hom wees?

'n Goeie gewete voor God

¹⁸Liewe kinders, ons liefde moenie net woorde en lippetaal wees nie, maar moet met die daad bewys word, en dan in opregtheid.

¹⁹Hierdeur kan ons ook te wete kom dat ons aan die ware God behoort en kan ons ons gewete voor Hom tot rus bring.

²⁰As ons gewete ons veroordeel — God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.

²¹Geliefdes, as ons gewete ons nie veroordeel nie, het ons vrymoedigheid om na God te gaan;

²²en wat ons vra, kry ons van Hom omdat ons sy gebooie gehoorsaam en doen wat Hy goedvind.

²³En dít is sy gebod: Ons moet in sy Seun, Jesus Christus, glo en ons moet mekaar liefhê ooreenkomstig die gebod wat Hy ons gegee het.

²⁴Wie sy gebooie gehoorsaam, bly in God en God in hom. Hiëraan weet ons dat Hy in ons bly: Hy het ons sy Gees gegee.

1 Johannes 4

Die vals profete

¹Geliefdes, moenie enigeen glo wat sê dat hy die Gees van God het nie, want daar is nou reeds baie vals profete in die wêreld, maar ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is.

²Hiëraan ken julle die Gees van God: elkeen wat bely dat Jesus werklik die Christus is wat mens geword het, het die Gees wat van God afkomstig is.

³En elkeen wat dit nie van Jesus bely nie, het nie die Gees wat van God afkomstig is nie. Hy het die gees van die antichris, die gees van wie julle gehoor het dat hy kom en wat nou reeds in die wêreld is.

⁴Julle behoort aan God, liewe kinders, en het die vals profete klaar oorwin omdat Hy wat in julle is, groter is as die duiwel, wat in die wêreld is.

⁵Hulle behoort aan die wêreld, en wat hulle sê, is dus van die wêreld afkomstig, en die wêreld luister na hulle.

⁶Ons behoort aan God, en wie vir God ken, luister na ons; wie nie aan God behoort nie, luister nie na ons nie. Hieraan kan ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaalleer onderskei.

God is liefde

⁷Geliefdes, ons moet mekaar liefhê, want liefde kom van God, en elkeen wat liefhet, is 'n kind van God en ken God.

⁸Wie nie liefhet nie, het geen kennis van God nie, want God is liefde.

⁹Hiérin is God se liefde vir ons geopenbaar: sy enigste Seun het Hy na die wêreld toe gestuur sodat ons deur Hom die lewe kan hê.

¹⁰Werklike liefde is dít: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.

¹¹Geliefdes, as dit is hoe God sy liefde aan ons bewys het, behoort ons mekaar ook lief te hê.

¹²Niemand het God nog ooit gesien nie, maar as ons mekaar liefhet, bly God in ons en het sy liefde in ons sy doel volkome bereik.

¹³Hiëraan weet ons dat ons in Hom bly en Hy in ons: Hy het ons sy Gees gegee.

¹⁴En ons het gesien en is getuie daarvan dat die Vader die Seun as Redder van die wêreld gestuur het.

¹⁵Wie bely dat Jesus die Seun van God is — God bly in hom en hy in God.

¹⁶En ons ken die liefde wat God vir ons het, en ons glo daarin. God is liefde; wie in die liefde bly, bly in God en God bly in hom.

¹⁷Hiérin het die liefde sy doel volkome met ons bereik: ons het niks te vrees vir die oordeelsdag nie, want in hierdie wêreld lewe ons reeds deur die liefde net soos Jesus.

¹⁸Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie.

¹⁹Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het.

²⁰As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.

²¹En hierdie gebod het ons van Hom gekry: Wie vir God liefhet, moet ook sy broer liefhê.

1 Johannes 5

Liefde en geloof

¹Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is, is 'n kind van God; en elkeen wat vir die Vader liefhet, het ook die ander lief wat kinders van die Vader is.

²Hiëraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet: wanneer ons God liefhet en sy gebooie onderhou.

³Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam. Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie,

⁴want enigeen wat 'n kind van God is, kan die sondige wêreld oorwin. En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het, is deur ons geloof.

⁵Wie anders is dit wat die wêreld oorwin as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

Die getuienis oor Jesus Christus

⁶Die Een wat deur die water van sy doop en die bloed van sy dood na ons toe gekom het, is Jesus Christus; nie net deur die water nie, maar deur die water én die bloed. Die Gees is die getuie daarvan, en die Gees is die waarheid.

⁷Daar is dus drie wat getuig:

⁸die Gees en die water en die bloed, en die drie se getuienis stem ooreen.

⁹Ons aanvaar mense se getuienis, hoeveel te meer die getuienis van God, want dit is God wat getuig, en die getuienis handel oor sy Seun.

¹⁰Wie in die Seun van God glo, besit die getuienis in sy hart; wie God nie glo nie, maak Hom tot leuenaar, omdat hy nie die getuienis glo wat God oor sy Seun gelewer het nie.

¹¹En die getuienis behels dít: God het ons die ewige lewe gegee, en dié lewe is deur sy Seun.

¹²Wie die Seun het, het die lewe; wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.

Die doel van die brief

¹³Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.

Voorbidding

¹⁴En nou kan ons met vrymoedigheid na God gaan, omdat Hy ons gebede verhoor as ons enigiets volgens sy wil vra.

¹⁵En aangesien ons weet dat Hy ons gebede verhoor as ons iets só vra, weet ons ook dat ons kry wat ons van Hom vra.

¹⁶As iemand sy broer sonde sien doen wat nie tot die dood lei nie, moet hy bid en God sal die broer die ewige lewe gee. Dit geld dié wat sonde doen wat nie tot die dood lei nie. Daar is sonde wat tot die dood lei; daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie.

¹⁷Alle ongeregtigheid is sonde, maar daar is sonde wat nie tot die dood lei nie.

Ons ken die ware God

¹⁸Ons weet dat iemand wat uit God gebore is, nie meer sondig nie, maar die Seun van God bewaar hom, en die duiwel kry geen houvas op hom nie.

¹⁹Ons weet dat ons aan God behoort en dat die hele sondige wêreld in die mag van die duiwel is.

²⁰En ons weet dat die Seun van God gekom het en ons verstand gegee het om die ware God te ken; en ons is in die ware God, in sy Seun, Jesus Christus. Hy is die ware God en die ewige lewe.

²¹Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.

2 Johannes

2 Johannes 1

¹Van die oudste. Aan die uitverkore vrou en aan haar kinders. Ek het julle waarlik lief, en nie ek alleen nie, maar ook almal wat die waarheid ken,

²omdat die waarheid in ons bly en ewig by ons sal wees.

³Die genade, barmhartigheid en vrede wat van God die Vader kom en van Jesus Christus, die Seun van die Vader, sal by ons wees wat in die waarheid en die liefde is.

Waarheid en liefde

⁴Ek was baie bly toe ek van jou kinders teëgekóm het wat in ooreenstemming met die waarheid lewe, volgens die gebod wat ons van die Vader ontvang het.

⁵En nou het ek 'n versoek, geagte vrou. Dit is nie iets nuuts wat ek vir julle voorskrywe nie, maar 'n gebod wat ons van die begin af gehad het: Ons moet mekaar liefhê.

⁶En liefde beteken dat ons volgens die gebooie van God lewe. Soos julle van die begin af gehoor het, is dit sy gebod dat julle in die liefde moet lewe.

⁷Daar het baie misleiers te voorskyn gekom in die wêreld. Hulle erken nie dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Dit is wat ek met “die misleier” “die antichris” bedoel.

⁸Julle moet toesien dat julle nie verloor wat ons voor gewerk het nie, maar dat julle die volle loon ontvang.

⁹Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun.

¹⁰As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie,

¹¹want wie hom groet, is saam skuldig aan die kwaad wat hy doen.

Slot

¹²Daar is nog baie dinge om vir julle te sê. Ek wil dit egter nie skriftelik doen nie, maar hoop om na julle toe te kom en persoonlik met julle te praat, sodat ons blydschap volkome kan wees.

¹³Die kinders van jou uitverkore suster stuur vir jou groete.

3 Johannes

3 Johannes 1

¹Van die oudste. Aan Gaius, my vriend, wat ek waarlik liefhet.

²Liewe Gaius, ek hoop dat jy gesond is en dat dit in alle opsigte so goed gaan met jou as wat dit geestelik met jou gaan.

³Ek was baie bly toe hier medegelowiges kom en van jou trou aan die waarheid vertel, hoe jy in die waarheid lewe.

⁴Niks verskaf my groter vreugde nie as om te hoor dat my kinders in die waarheid lewe.

Hulp aan dié wat vir Christus verkondig

⁵Liewe Gaius, jy handel reg in wat jy vir jou medegelowiges doen, en dit nog terwyl jy hulle nie eens geken het nie.

⁶Hulle het hier voor die gemeente vertel van jou liefde. Help hulle asseblief vir hulle verdere reis op 'n wyse soos God dit verwag,

⁷want hulle is op reis om Christus te verkondig, en hulle ontvang niks van die heidene nie.

⁸Dit is dus óns plig om sulke mense te onderhou, sodat ons daardeur ons deel kan bydra tot die verspreiding van die waarheid.

Pas op vir Diotrefes

⁹Ek het 'n briefie aan julle gemeente geskrywe, maar Diotrefes, wat danig daarop gesteld is dat hy hulle voorganger is, aanvaar nie ons gesag nie.

¹⁰Daarom sal ek die dinge wat hy doen, ter sprake bring as ek daarheen kom: hy versprei slegte en vals gerugte oor ons; en asof dit nie genoeg is nie, ontvang hy self ook nie die medegelowiges nie, en dié wat dit wil doen, belet hy en ban hy uit die gemeente.

¹¹Liewe Gaius, moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, volg die goeie. Wie goed doen, behoort aan God; wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie.

¹²Van Demetrius getuig almal net wat goed is, en ook die waarheid bevestig dit. Ons getuig dit ook, en jy weet dat ons getuienis waar is.

Slot

¹³Ek moes vir jou nog baie dinge sê, maar ek wil dit nie skriftelik doen nie.

¹⁴Ek hoop egter om jou binnekort te sien; dan kan ons persoonlik praat.

¹⁵Ek wens jou vrede toe. Die vriende hier stuur vir jou groete. Dra my groete oor aan die vriende daar, aan elkeen persoonlik.

Judas

Judas 1

¹Van Judas, 'n dienaar van Jesus Christus en 'n broer van Jakobus. Aan dié vir wie God die Vader geroep het, wat Hy liefhet en deur Jesus Christus bewaar.

²Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word!

Die dwaalleraars en hulle straf

(Vgl. 2 Pet. 2:1-17)

³Geliefdes, ek was vas van plan om aan julle te skrywe oor die verlossing waaraan ons almal deel het. Maar nou voel ek my verplig om julle met my brief aan te spoor om te stry vir die geloof wat een maal oorgelewer is aan dié wat God vir Hom afgesonder het.

⁴Die rede hiervoor is dat sekere mense ongemerk julle geledere binnegedring het, goddelose mense wie se veroordeling lank reeds vas staan. Hulle misbruik die genade van ons God. Hulle gebruik dit as dekmantel om losbandig te lewe, en hulle verwerp ons enigste Meester en Here, Jesus Christus.

⁵Al weet julle al hierdie dinge, wil ek julle daaraan herinner dat, hoewel die Here een maal sy volk uit Egipte verlos het, Hy tog daarna dié wat nie geglo het nie, laat omkom het.

⁶Dink ook aan wat gebeur het met die engele wat hulle nie binne hulle eie magsgebied gehou het nie, maar hulle aangewese woonplek verlaat het. God het hulle met onbreekbare kettings gebind en hou hulle in duister dieptes vir die oordeel van die groot dag.

⁷En dink ook aan die mense van Sodom en Gomorra en die stede rondom hulle. Net soos daardie engele het hulle onsedelike dade gepleeg en omgang gesoek met vreemde wesens. As waarskuwing vir almal word hulle nou gestraf met die vuur wat ewig brand.

⁸En nou is dit met hierdie mense net so. Vanweë die droomgesigte wat hulle sien, bevlek hulle hulle eie liggame, verwerp hulle die gesag van die Here en beledig hulle die hemelwesens.

⁹Nie eens die aartsengel Migael het so iets gedoen nie. Toe hy met die duiwel gestry het oor die liggaam van Moses, het hy hom dit nie veroorloof om die duiwel te beledig en te veroordeel nie, maar hy het vir hom gesê: “Die Here sal jou straf.”

¹⁰Maar hierdie mense praat lasterlik oor dinge waarvan hulle geen kennis het nie. Hulle is soos verstandlose diere: al waarvan hulle kennis het, is hulle natuurlike drange, en juis dit is hulle ondergang.

¹¹Verskriklik sal hulle lot wees, want hulle het dieselfde pad as Kain geloop, vir geld het hulle dieselfde bedrog as Bileam gepleeg, soos Korag het hulle in opstand gekom, en dit was hulle ondergang.

¹²Hulle besoedel julle liefdesmaaltye met hulle skaamtelose uitspattighede en sorg net vir hulleself. Hulle is wolke wat geen reën bring nie en deur die wind verby gewaai word. Hulle is bome wat selfs laat in die seisoen nog geen vrugte het nie, wat ontwortel en morsdood is.

¹³Hulle is woeste golwe van die see; hulle laat hulle skande soos skuim opspat. Hulle is sterre wat uit hulle baan geslinger is. God hou vir hulle plek gereed in die duister dieptes, waar hulle ewig sal bly.

¹⁴Dit is oor hierdie mense dat Henog, wat van die sewende geslag ná Adam was, geprofeteer het. Hy het gesê: “Kyk, die Here kom met sy duisende heilige engele

¹⁵en Hy sal oor almal oordeel. Hy sal al die goddeloses, al die sondaars straf oor al die goddelose dinge wat hulle in hulle goddeloosheid gedoen het, en oor al die lasterlike dinge wat hulle teen Hom gesê het.”

¹⁶Hierdie mense kla gedurig en is altyd ontevrede met hulle lot. Hulle leef net volgens hulle eie begeertes, praat groot en sê vleierende dinge van mense om daaruit vir hulleself voordeel te trek.

Vermaning en aansporing

¹⁷Maar julle, geliefdes, moet die dinge onthou wat die apostels van ons Here Jesus Christus voorheen reeds vir julle geleer het.

¹⁸Hulle het vir julle gesê: “Daar sal in die laaste dae mense wees wie se lewe deur hulle eie goddelose begeertes beheers word, en hulle sal met julle die spot dryf.”

¹⁹Hierdie mense bring verdeeldheid; hulle word deur hulle natuurlike drange beheers en nie deur die Gees van God nie.

²⁰Julle, geliefdes, moet egter voortgaan om julle lewe te bou op julle allerheiligste geloof. Bid altyd deur die krag van die Heilige Gees.

²¹Bly in die liefde van God. Vestig steeds julle verwagting op die barmhartigheid van ons Here Jesus Christus wat die ewige lewe aan julle sal gee.

²²Oor dié wat in twyfel verkeer, moet julle julle ontferm.

²³Ander moet julle red deur hulle uit die vuur te ruk. Oor ander moet julle julle met versigtigheid ontferm; en verafsku selfs die klere wat deur hulle sondige luste besmet is.

Lof aan God

²⁴Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar en julle onbevlek en met vreugde sy heerlikheid te laat aanskou,

²⁵aan die enigste God, ons Verlosser deur Jesus Christus ons Here, aan Hom behoort die heerlikheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen.

Die Openbaring

Die Openbaring 1

Voorwoord

¹Wat hier volg, is deur Jesus Christus geopenbaar. God het die openbaring oor wat binnekort moet gebeur, vir Hom gegee om aan sy dienaars bekend te maak. Jesus het toe sy engel gestuur om sy dienaar Johannes dit alles te laat sien.

²Johannes is die getuie van wat God gesê en wat Jesus Christus bevestig het; hy getuig van alles wat hy gesien het.

³Geseënd is die een wat die woorde van hierdie profesie lees, en die mense wat dit hoor en wat ter harte neem wat daarin geskrywe staan, want die eindtyd is naby.

Aanhef van die brief

⁴Van Johannes. Aan die sewe gemeentes in die provinsie Asië. Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon,

⁵en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde. Uit liefde vir ons het Hy ons deur sy bloed van ons sondes verlos

⁶en ons sy koninkryk gemaak, priesters vir God sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen.

Tema van die boek

⁷Kyk, Hy kom met die wolke, en al die mense sal Hom sien, ook hulle wat Hom deurboor het; en al die volke van die aarde sal oor Hom in selfverwyt weeklaag. Ja, dit is seker!

⁸“Ek is die Alfa en die Omega,” sê die Here God, Hy wat is en wat was en wat kom, die Almagtige.

Jesus se verskyning aan Johannes

⁹Ek, Johannes, is julle medegelowige, en deur ons verbondenheid met Jesus het ek saam met julle deel aan die verdrukking en aan die koninkryk en aan

die volharding. Ek was op die eiland Patmos, waarheen ek verban was omdat ek die woord van God en die getuienis van Jesus verkondig het.

¹⁰Op die dag van die Here is ek deur die Gees meegevoer en ek het agter my, so hard soos die geluid van 'n trompet, 'n stem hoor

¹¹sê: “Skrywe wat jy sien in 'n boek op en stuur dit vir die sewe gemeentes: Efese, Smirna, Pergamum, Tiatira, Sardis, Filadelfia en Laodisea.”

¹²Ek het omgedraai om te sien wie dit is wat met my praat. En toe ek omgedraai het, het ek sewe goue staanlampe gesien

¹³en tussen die lampe iemand soos die Seun van die mens. Hy het 'n lang kleed aangehad en 'n goue band om sy bors gedra.

¹⁴Die hare op sy kop was wit soos wit wol, soos sneeu, en sy oë het soos vuur gevlam.

¹⁵Sy voete was soos geelkoper wat in 'n smeltoond gloei, en sy stem soos die gedruis van 'n groot watermassa.

¹⁶In sy regterhand het Hy sewe sterre gehad, en 'n skerp swaard met twee snykante het uit sy mond uit gekom. Sy hele voorkoms was soos die son wat op sy helderste skyn.

¹⁷Toe ek Hom sien, het ek by sy voete neergeval en bly lê soos een wat dood is. Hy het toe met sy regterhand aan my gevat en vir my gesê: “Moenie bang wees nie, dit is Ek, die Eerste en die Laaste,

¹⁸die Lewende. Ek was dood en, kyk, Ek lewe tot in alle ewigheid; en Ek het die sleutels van die dood en die doderyk.

¹⁹Skrywe nou op wat jy gesien het, wat nou daar is en wat hierna gaan gebeur.

²⁰En dit is die verborge betekenis van die sewe sterre wat jy in my regterhand gesien het, en van die sewe goue lampe: die sewe sterre is die leraars van die sewe gemeentes, en die sewe lampe is die sewe gemeentes.”

Die Openbaring 2

Die boodskap aan Efese

¹Skrywe aan die leraar van die gemeente in Efese: So sê Hy wat die sewe sterre in sy regterhand vashou en wat tussen die sewe goue lampe rondgaan:

²Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle onvermoeide arbeid en julle volharding. Julle kan nie slegte mense verdra nie. Julle het ondersoek ingestel na die mense wat voorgee dat hulle apostels is, en dit nie is nie, en gevind dat hulle leuenaars is.

³Verder volhard julle ook; julle het baie vir my Naam verduur, en julle het nie moeg geword nie.

⁴Maar Ek het dít teen julle: julle het My nie meer so lief soos in die begin nie.

⁵Dink daaraan hoe ver julle al agteruitgegaan het. Bekeer julle en doen weer wat julle in die begin gedoen het. Anders, as julle julle nie bekeer nie, kom Ek na julle toe en sal Ek julle lamp van sy plek af wegvat!

⁶Maar dít het julle darem in julle guns: julle verafsku wat die Nikolaïete doen, net soos Ek dit ook verafsku.

⁷Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek te ete gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is.

Die boodskap aan Smirna

⁸Skrywe aan die leraar van die gemeente in Smirna: So sê die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het:

⁹Ek ken julle verdrukking en julle armoede, en tog is julle ryk. Ek weet ook van die kwaadstokery van die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar tot die sinagoge van die Satan behoort.

¹⁰Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee.

¹¹Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Dié wat die oorwinning behaal, sal beslis nie deur die tweede dood getref word nie.

Die boodskap aan Pergamum

¹²Skrywe aan die leraar van die gemeente in Pergamum: So sê Hy wat die skerp swaard met die twee snykante het:

¹³Ek ken die plek waar julle bly, daar waar die troon van die Satan is. Tog bly julle aan my Naam getrou en julle het nie julle geloof in My afgesweer nie, selfs nie in die tyd toe Antipas, my getroue getuie, doodgemaak is daar by julle waar die Satan bly nie.

¹⁴Maar Ek het 'n paar dinge teen julle. Julle het mense daar wat die leer van Bileam aanhang. Hy het vir Balak geleer om die volk Israel van My afvallig te maak, sodat hulle afgodsoffervleis geëet en onsedelikheid bedrywe het.

¹⁵So is daar onder julle dan ook mense wat die leer van die Nikolaïete aanhang en dieselfde sondes doen.

¹⁶Bekeer julle nou, anders kom Ek gou na julle toe en sal Ek daardie mense bestry met die swaard van my mond.

¹⁷Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê. Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek van die verborge manna gee, en daarby sal Ek vir hom 'n wit steentjie gee met 'n nuwe naam daarop gegraveer, wat niemand anders ken nie, net hy wat dit kry.

Die boodskap aan Tiatira

¹⁸Skrywe aan die leraar van die gemeente in Tiatira: So sê die Seun van God, wie se oë soos vuur vlam en wie se voete soos geelkoper is:

¹⁹Ek weet alles wat julle doen. Ek ken julle liefde, geloof, diensvaardigheid en volharding en Ek weet dat julle nou ook meer doen as tevore.

²⁰Maar Ek het dít teen julle dat julle die vrou Isebel laat begaan. Sy doen haar as profetes voor en leer en verlei my dienaars om onsedelikheid te bedrywe en afgodsoffervleis te eet.

²¹Ek het haar kans gegee om haar te bekeer, maar sy wil haar nie van haar onsedelikheid bekeer nie.

²²Kyk, Ek gee haar aan 'n siekbed oor, en die mense wat met haar owerspel gepleeg het, aan swaar lyding — as hulle hulle nie van haar praktyke bekeer nie.

²³Haar volgelinge sal Ek deur 'n pessiëkte om die lewe bring. Dan sal al die gemeentes weet dat dit Ek is, die Een wat die gedagtes en begeertes van die mens deurgrond. Ek sal elkeen van julle straf volgens julle doen en late.

²⁴Maar vir julle ander in Tiatira, wat nie hierdie leer aanhang en nie die “diep geheimenisse van die Satan” soos hulle dit noem, leer ken het nie, sê Ek: Ek lê op julle geen ander verpligting nie;

²⁵hou net vas wat julle het, totdat Ek kom.

²⁶Aan elkeen wat die oorwinning behaal en tot die einde toe volhou om te doen wat Ek wil hê, sal Ek mag en gesag oor die nasies gee.

²⁷Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer, hulle soos kleipotte stukkend slaan.

²⁸Dieselfde mag en gesag het Ek ook van my Vader gekry. Daarby sal Ek vir elkeen wat die oorwinning behaal, die môrester gee.

²⁹Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Die Openbaring 3

Die boodskap aan Sardis

¹Skrywe aan die leraar van die gemeente in Sardis: So sê Hy wat die sewe Geeste van God en die sewe sterre het: Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle die naam het dat julle lewe, en tog is julle dood.

²Word wakker en versterk wat nog by julle oorgebly het, wat op die punt staan om dood te loop. Wat julle doen, vind Ek nie goed genoeg voor die oë van my God nie.

³Dink daaraan hoe julle die evangelie ontvang en daarna geluister het. Hou daarmee vol en bekeer julle. As julle nie wakker word nie, sal Ek onverwags kom soos 'n dief, en julle sal nie weet wanneer Ek op julle sal afkom nie.

⁴Maar julle het darem 'n paar mense daar in Sardis wat nie hulle klere besoedel het nie, en hulle sal altyd in wit klere by My wees omdat hulle dit waardig is.

⁵Elkeen wat die oorwinning behaal, sal sulke wit klere dra. Ek sal nooit sy naam uit die boek van die lewe uithaal nie, en Ek sal voor my Vader en voor sy engele verklaar dat hy aan My behoort.

⁶Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Die boodskap aan Filadelfia

⁷Skrywe aan die leraar van die gemeente in Filadelfia: So sê die Heilige, die Ware God, Hy wat die sleutel van Dawid het, wat die deur oopsluit en niemand sal dit weer toesluit nie, en dit toesluit en niemand sluit dit weer oop nie:

⁸Ek weet alles wat julle doen. Kyk, Ek het 'n deur voor julle oopgesluit en niemand kan dit weer toesluit nie. Ek weet dat julle min krag het, en tog het julle aan my boodskap vasgehou en My nie verloën nie.

⁹Kyk, Ek beskik dat van die lede van die sinagoge van die Satan, die mense wat daarop aanspraak maak dat hulle Jode is, en dit nie is nie, maar lieg — kyk, Ek sal maak dat hulle kom en voor julle kniel en erken dat Ek julle liefhet.

¹⁰Omdat julle aan die boodskap van my volharding in lyding vasgehou het, sal Ek julle ook vashou in die tyd van beproewing wat oor die hele wêreld gaan kom om die bewoners van die aarde op die proef te stel.

¹¹Ek kom gou. Hou vas wat julle het, sodat niemand julle kroon wegvat nie.

¹²Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek 'n pilaar in die tempel van my God maak, en hy sal vir altyd daar bly. Ek sal op hom die Naam van my God skrywe en die naam van die stad van my God, die nuwe Jerusalem, wat van my God af uit die hemel uit afkom. En Ek sal ook my eie nuwe Naam op hom skrywe.

¹³Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Die boodskap aan Laodisea

¹⁴Skrywe aan die leraar van die gemeente in Laodisea: So sê die Amen, die geloofwaardige en ware getuie, Hy deur wie God alles geskep het:

¹⁵Ek weet alles wat julle doen. Ek weet dat julle nie koud is nie, en ook nie warm nie. As julle tog maar koud of warm was!

¹⁶Maar nou, omdat julle lou is, nie warm nie en ook nie koud nie, gaan Ek julle uit my mond uitspoeg.

¹⁷Julle sê: “Ons is ryk, skatryk, en ons het niks meer nodig nie,” en julle weet nie dat julle ellendig en beklaenswaardig is nie, arm, blind en kaal.

¹⁸Daarom raai Ek julle aan om by My goud te koop wat deur vuur gelouter is, sodat julle ryk kan word; en koop wit klere, sodat julle julle kan aantrek en julle skande, julle naaktheid, nie gesien word nie; en koop oogsalf om aan julle oë te smeer, sodat julle kan sien.

¹⁹Ek bestraf en tug elkeen wat Ek liefhet. Laat dit dan vir julle erns wees en bekeer julle.

²⁰Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My.

²¹Elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek saam met My op my troon laat sit, net soos Ek ook die oorwinning behaal het en saam met my Vader op sy troon gaan sit het.

²²Elkeen wat kan hoor, moet luister na wat die Gees vir die gemeentes sê.

Die Openbaring 4

God sit op die troon

¹Hierna het ek, Johannes, in die hemel 'n deur gesien wat oopgemaak is, en die stem, soos die geluid van 'n trompet, wat ek die eerste keer met my hoor praat het, het gesê: “Kom op hierheen, en Ek sal vir jou wys wat hierna moet gebeur.”

²Onmiddellik is ek deur die Gees meegevoer. Ek het gesien daar staan 'n troon in die hemel en op die troon sit daar Iemand.

³Sy voorkoms was soos opaal en karneool. Om die troon was daar 'n reënboog met die glans van smarag.

⁴Reg rondom die troon was daar vier en twintig ander trone, en op die trone het daar vier en twintig ouderlinge gesit. Hulle het wit klere aangehad, en op hulle koppe was daar goue krone.

⁵Daar het weerligstrale, dreunings en donderslae van die troon af gekom. Vlak voor die troon het sewe fakkels helder gebrand. Dit is die sewe Geeste van God.

⁶Voor die troon was dit soos 'n spieëlglatte see, helder soos kristal. Naby, rondom die troon, was daar vier lewende wesens, vol oë van voor en van agter.

⁷Die eerste lewende wese het soos 'n leeu gelyk en die tweede soos 'n bul; die derde het 'n gesig soos dié van 'n mens gehad en die vierde het gelyk soos 'n arend wat vlieg.

⁸Elkeen van die vier lewende wesens het ses vlerke gehad, wat aan die bokant en aan die onderkant vol oë was. Hulle het dag en nag sonder om te rus, gesê: “Heilig, heilig, heilig is die Here God, die Almagtige, Hy wat was en wat is en wat kom.”

⁹Elke keer wanneer die lewende wesens heerlikheid, eer en dank toebring aan Hom wat op die troon sit, wat tot in alle ewigheid lewe,

¹⁰kniel die vier en twintig ouderlinge voor Hom wat op die troon sit, en aanbid Hom wat tot in alle ewigheid lewe. Hulle sit dan hulle krone voor die troon neer en sê:

¹¹“Here, ons God, U is waardig om die heerlikheid en die eer en die mag te ontvang omdat U alles geskep het; deur u wil het alles ontstaan en is dit geskep.”

Die Openbaring 5

Die Lam is waardig om die boek oop te maak

¹In die regterhand van Hom wat op die troon sit, het ek 'n boekrol gesien wat aan die voor- en aan die agterkant vol geskrywe was en wat met sewe seëls goed verseël was.

²Toe het ek 'n sterk engel gesien wat met 'n harde stem uitroep: “Wie is waardig om die boek oop te maak deur die seëls daarvan te breek? ”

³Maar niemand in die hemel of op die aarde of onder die aarde was in staat om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.

⁴Ek het baie gehuil omdat daar niemand gekry is wat waardig was om die boek oop te maak en daarin te kyk nie.

⁵Toe sê een van die ouderlinge vir my: “Moenie huil nie. Kyk, die Leeu uit die stam van Juda, die Afstammeling van Dawid, het die oorwinning behaal en kan die boek met die sewe seëls oopmaak.”

⁶Toe het ek voor die troon wat omring was deur die vier lewende wesens, tussen die troon en die ouderlinge, 'n Lam sien staan, die Een wat geslag was. Hy het sewe horings en sewe oë gehad. Die sewe oë is die sewe Geeste van God, wat oor die hele aarde uitgestuur is.

⁷Hy het toe gegaan en die boek ontvang uit die regterhand van Hom wat op die troon sit.

⁸Net toe die Lam die boek neem, het die vier lewende wesens en die vier en twintig ouderlinge voor Hom gekniel. Elkeen van hulle het 'n siter gehad en 'n goue bak vol wierook, die gebede van die gelowiges.

⁹Toe sing hulle 'n nuwe lied: “U is waardig om die boek te neem en die seëls daarvan oop te maak omdat U geslag is en met u bloed mense vir God losgekoop het uit elke stam en taal en volk en nasie.

¹⁰U het hulle 'n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer.”

¹¹Toe het ek rondom die troon en die lewende wesens en die ouderlinge 'n groot menigte engele gesien. Daar was duisende der duisende, ja, miljoene der miljoene. Ek het hulle hard hoor

¹²uitroep: “Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.”

¹³Die hele skepping, alles in die hemel en op die aarde en onder die aarde en op die see, ja, alles wat daar is, het ek hoor sê: “Aan Hom wat op die troon sit, en aan die Lam, behoort die lof en die eer, die heerlikheid en die krag, tot in alle ewigheid.”

¹⁴Die vier lewende wesens het gesê: “Amen! ” En die ouderlinge het gekniel en God aanbid.

Die Openbaring 6

Die eerste vier seëls word oopgemaak

¹Ek het gesien toe die Lam die eerste van die sewe seëls oopmaak; en ek het een van die vier lewende wesens hoor sê, soos die knal van 'n donderslag: “Gaan uit! ”

²Ek het gesien: daar was 'n wit perd. Sy ruiter het 'n pyl en boog gehad. 'n Oorwinnaarskroon is aan hom gegee, en hy het as oorwinnaar uitgegaan om nog verder te oorwin.

³Toe Hy die tweede seël oopmaak, het ek die tweede lewende wese hoor sê: “Gaan uit! ”

⁴Daar het 'n ander perd, 'n vuurrooie, uitgegaan. Aan sy ruiter is opdrag gegee om die vrede van die aarde af weg te neem, sodat die mense mekaar sal uitmoor. 'n Groot swaard is aan hom gegee.

⁵Toe Hy die derde seël oopmaak, het ek die derde lewende wese hoor sê: “Gaan uit! ” Ek het gesien: daar was 'n swart perd. Sy ruiter het 'n skaal in sy hand gehad.

⁶Toe het ek iets soos 'n stem by die vier lewende wesens hoor sê: “Net een skeppie koring vir 'n dagloon en net drie skeppies gars vir 'n dagloon. Maar moenie die olyfolie en die wyn bederf nie.”

⁷Toe Hy die vierde seël oopmaak, het ek die stem van die vierde lewende wese hoor sê: “Gaan uit! ”

⁸Ek het gesien: daar was 'n vaal perd. Sy ruiter se naam was Die Dood, en die doderyk het agter hom aan gegaan. Aan hulle is mag oor 'n kwart van die aarde

gegee om die mense dood te maak met die swaard en met hongersnood en met pes en deur die wilde diere van die aarde.

Die vyfde seël word oopgemaak

⁹Toe die Lam die vyfde seël oopmaak, het ek onder die altaar die siele gesien van die mense wat doodgemaak is omdat hulle aan die woord van God en aan die getuienis van Jesus vasgehou het.

¹⁰Hulle het hard geroep: “Hoe lank nog, heilige en getroue Heerser? Wanneer voltrek U die oordeel en wreek U ons dood op die bewoners van die aarde? ”

¹¹Aan elkeen van hulle is daar lang wit klere gegee, en daar is vir hulle gesê om nog 'n klein rukkie te wag, totdat hulle mededienaars, hulle medegelowiges, wat net soos hulle ook doodgemaak gaan word, almal daar is.

Die sesde seël word oopgemaak

¹²Ek het gesien toe die Lam die sesde seël oopmaak: daar het 'n groot aardbewing gekom. Die son het swart geword soos rouklere, en die maan het heeltemal soos bloed geword.

¹³Die sterre aan die hemel het op die aarde geval soos die navye van 'n vyeboom afval as dit deur 'n sterk wind geruk word.

¹⁴Die hemel self het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word, en al die berge en eilande is uit hulle plekke geskud.

¹⁵Die konings van die aarde, die hoofamptenare en die opperbevelhebbers, die rykes en die magtiges, ja, al die mense, slawe en vryes, het in die grotte en onder die kranse van die berge weggekruip.

¹⁶Hulle het vir die berge en die kranse gesê: “Val op ons en bedek ons vir die oë van Hom wat op die troon sit, en vir die toorn van die Lam.

¹⁷Die groot dag waarop Hulle die oordeel sal voltrek, het aangebreek, en wie sal staande kan bly? ”

Die Openbaring 7

Die honderd vier en veertig duisend

¹Daarna het ek vier engele by die vier hoeke van die aarde sien staan. Hulle het die vier winde van die aarde vasgehou, sodat daar geen wind op die land en op die see en teen enige boom sou waai nie.

²Ek het ook 'n ander engel van die ooste af sien kom met die seël van die lewende God. Hy het met 'n harde stem geroep na die vier engele aan wie mag gegee is om die land en die see te tref,

³en het vir hulle gesê: “Moenie die land en die see en die bome tref nie. Ons moet eers die dienaars van ons God op hulle voorkoppe merk met die seël.”

⁴Ek het die getal gehoor van dié wat gemerk is: daar was honderd vier en veertig duisend. Hulle was uit elke stam van die volk Israel:

⁵uit die stam van Juda is daar twaalf duisend gemerk, uit die stam Ruben twaalf duisend, uit die stam Gad twaalf duisend,

⁶uit die stam Aser twaalf duisend, uit die stam Naftali twaalf duisend, uit die stam Manasse twaalf duisend,

⁷uit die stam Simeon twaalf duisend, uit die stam Levi twaalf duisend, uit die stam Issaskar twaalf duisend,

⁸uit die stam Sebulon twaalf duisend, uit die stam Josef twaalf duisend, en uit die stam Benjamin is daar twaalf duisend gemerk.

'n Groot menigte

⁹Hierna het ek 'n groot menigte gesien wat niemand kon tel nie. Hulle was van elke nasie, stam, volk en taal en het voor die troon en voor die Lam gestaan. Hulle het wit klere aangehad, en daar was palmtakke in hulle hande.

¹⁰Hulle het hard uitgeroep: “Ons redding kom van ons God, wat op die troon sit, en van die Lam! ”

¹¹Al die engele het rondom die troon, die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan. Hulle het toe voor die troon gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid

¹²en gesê: “Amen! Die lof en die heerlikheid, die wysheid, die dank en die eer, die mag en die sterkte behoort aan ons God tot in alle ewigheid. Amen! ”

¹³Een van die ouderlinge vra toe vir my: “Hierdie mense met die wit klere aan, wie is hulle en waar kom hulle vandaan? ”

¹⁴“Ek weet nie, Meneer,” sê ek vir hom, “maar ú weet.” Hy sê toe vir my: “Dit is dié wat uit die groot verdrukking kom. Hulle het hulle klere gewas en dit wit gemaak in die bloed van die Lam.

¹⁵Daarom is hulle voor die troon van God en dien hulle Hom dag en nag in sy tempel; en Hy wat op die troon sit, sal by hulle bly.

¹⁶Hulle sal nie meer honger en nie meer dors kry nie; die son sal hulle nie brand nie en 'n hittegloed ook nie,

¹⁷want die Lam wat in die middel van die troon is, sal hulle herder wees en hulle na die fontein met die water van die lewe lei; en God sal al die tranes van hulle oë afdroeg.”

Die Openbaring 8

Die sewende seël word oopgemaak

¹Toe die Lam die sewende seël oopmaak, het daar stilte in die hemel gekom, omtrent 'n halfuur lank.

²En ek het die sewe engele gesien wat voor God staan, en daar is aan hulle sewe trompette gegee.

³'n Ander engel het toe gekom en by die altaar gaan staan met 'n goue wierookbak. Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer.

⁴Die rook van die wierook wat deur die engel geoffer is, het saam met die gebede van die gelowiges opgestyg voor God.

⁵Toe het die engel die wierookbak geneem, dit met die vuur van die altaar volgemaak en dit op die aarde uitgegooi. Daar het donderslae, dreunings, weerligstrale en 'n aardbewing gekom.

Die eerste vier trompette

⁶Die sewe engele met die sewe trompette het hulle toe gereed gemaak om daarop te blaas.

⁷Die eerste engel het op sy trompet geblaas. Daar het hael en vuur gekom met bloed gemeng, en dit is op die aarde gegooi. 'n Derde van die aarde is verbrand, 'n derde van die bome is verbrand, en al die groen gras is verbrand.

⁸Die tweede engel het toe op sy trompet geblaas. Iets soos 'n groot berg wat brand, is in die see gegooi. 'n Derde van die see het bloed geword,

⁹'n derde van alles wat in die see lewe, het doodgegaan, en 'n derde van die skepe het vergaan.

¹⁰Toe het die derde engel op sy trompet geblaas. 'n Groot ster wat soos 'n fakkel brand, het van die hemel af geval. Hy het op 'n derde van die riviere en op die waterbronne geval.

¹¹Die ster se naam is Bitterals. 'n Derde van die water het bitter geword, en baie mense het van die water doodgegaan omdat dit besmet was.

¹²Die vierde engel het toe op sy trompet geblaas. 'n Derde van die son en 'n derde van die maan en 'n derde van die sterre is getref, sodat 'n derde van hulle donker geword het. 'n Derde deel van die dag het nie lig gehad nie, en die nag ook nie.

¹³Toe het ek 'n arend hoog in die lug sien vlieg, en ek het hom met 'n harde stem hoor skreeu: “Wee, wee, wee die bewoners van die aarde wanneer die ander drie engele op hulle trompette gaan blaas.”

Die Openbaring 9

Die vyfde trompet

¹Die vyfde engel het toe op sy trompet geblaas. Ek het 'n ster gesien wat van die hemel af op die aarde geval het, en die sleutel van die skag na die onderaardse diepte is aan hom gegee.

²Hy het toe die skag na die onderaardse diepte oopgemaak, en daar het rook uit die skag uit opgestyg soos die rook van 'n groot oond. Deur die skag se rook is die son verduister en het die lug donker geword.

³Toe het daar uit die rook sprinkane oor die aarde uitgeswerm. Aan hulle is dieselfde vermoë gegee as wat skerpioene op aarde het.

⁴Hulle is aangesê om nie die gras van die aarde, die plante en die bome kwaad aan te doen nie, maar net die mense wat nie die seël van God op hulle voorkoppe het nie.

⁵Hulle is nie toegelaat om die mense dood te maak nie, maar wel om hulle vyf maande lank te pynig. Die pyn wat hulle veroorsaak, is soos die pyn as 'n skerpioen 'n mens steek.

⁶In daardie tyd sal die mense die dood soek en dit nie vind nie; hulle sal verlang om te sterwe, maar die dood sal hulle ontwyk.

⁷Die sprinkane het gelyk soos perde wat regstaan vir oorlog. Op hulle koppe was daar iets soos krone wat gelyk het asof dit van goud is. Hulle gesigte was soos die gesigte van mense.

⁸Hulle het lang hare gehad soos vrouens se hare, en hulle tande was soos dié van leeus.

⁹Hulle borskaste was soos ysterharnasse. Die gedreun van hulle vlerke was soos die gedreun van baie strydwaens met perde wat opruk vir oorlog.

¹⁰Hulle het sterte met angels soos dié van skerpioene; en in hulle sterte is hulle vermoë om die mense vyf maande lank kwaad aan te doen.

¹¹Hulle het die engel van die onderaardse diepte as koning oor hulle. Sy naam in Hebreeus is Abaddon, en in Grieks het hy die naam Apollion.

¹²Die eerste “Wee! ” is verby. Kyk, daar kom nog twee hierna.

Die sesde trompet

¹³Toe het die sesde engel op sy trompet geblaas. Ek het 'n stem tussen die vier horings van die goue altaar voor God gehoor.

¹⁴Die stem het vir die sesde engel, wat die trompet het, gesê: “Maak los die vier engele wat by die groot Eufraatrivier vasgemaak is.”

¹⁵Die vier engele wat gereed gehou is vir hierdie uur en dag en maand en jaar, is toe losgelaat om 'n derde van die mensdom dood te maak.

¹⁶Die aantal verderuiters van hulle leërs was miljoene der miljoene en nog 'n keer soveel. Ek het hulle getal gehoor.

¹⁷En in hierdie gesig het die perde en hulle ruiters só gelyk: hulle het vuurrooi, donkerblou en swaelgeel harnasse aangehad. Die perde se koppe was soos die koppe van leeus, en uit hulle bekke het daar vuur, rook en swael uitgekom.

¹⁸Deur hierdie drie plae, die vuur, die rook en die swael wat uit hulle bekke uitgekom het, is 'n derde van die mensdom doodgemaak.

¹⁹Die perde se vermoë om skade te doen, is in hulle bekke en ook in hulle sterte; want hulle sterte is soos slange en het koppe, en daarmee pynig hulle die mense.

²⁰Die ander mense, wat nie deur hierdie plae doodgemaak is nie, het hulle egter nie bekeer nie. Hulle het aangehou met die aanbidding van bese geeste en van afgode wat hulle self gemaak het van goud, silwer, koper, klip en hout, en wat nie kan sien of hoor of loop nie.

²¹Hulle het hulle ook nie daarvan bekeer om moord, towery, onsedelikheid en diefstal te pleeg nie.

Die Openbaring 10

Die klein boekie

¹Toe het ek 'n ander engel, 'n sterke, uit die hemel uit sien afkom. Hy het 'n wolk om hom gehad en 'n reënboog bokant sy kop. Sy gesig was soos die son en sy bene soos vuurpilare.

²In sy hand het hy 'n oop boekie gehad. Hy het toe met sy regtervoet op die see en met sy linkervoet op die land gaan staan

³en met 'n harde stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul. Toe hy uitroep, het sewe donderslae geantwoord.

⁴En toe die sewe donderslae praat, wou ek dit opskrywe, maar ek het 'n stem uit die hemel hoor sê: “Hou geheim wat die sewe donderslae gesê het; moet dit nie opskrywe nie.”

⁵Die engel wat ek op die see en die land sien staan het, het toe sy regterhand na die hemel toe opgelig

⁶en 'n eed afgelê by Hom wat tot in alle ewigheid lewe, wat die hemel en wat daarin is, die land en wat daarop is, die see en wat daarin is, geskep het. Hy het met 'n eed bevestig: “Daar is geen tyd meer oor nie.

⁷Op die dag wanneer die sewende engel op sy trompet gaan blaas, sal God se verborge bedoeling met alles bereik word, soos Hy die blye tyding aan sy dienaars, die profete, bekend gemaak het.”

⁸Die stem wat ek uit die hemel gehoor het, het toe weer met my gepraat en vir my gesê: “Gaan kry die oop boek daar in die hand van die engel wat op die see en die land staan.”

⁹Ek het na die engel toe gegaan en vir hom gevra om die boekie vir my te gee. Hy sê toe vir my: “Neem dit en eet dit op. Dit sal jou maag bitter maak, maar in jou mond sal dit so soet soos heuning wees.”

¹⁰Ek het toe die boekie uit die hand van die engel gevat en dit opgeëet. In my mond was dit so soet soos heuning, maar toe ek dit insluk, het my maag bitter geword.

¹¹Toe het hulle vir my gesê: “Jy moet weer God se boodskap aangaande baie volke, nasies, tale en konings verkondig.”

Die Openbaring 11

Die twee getuies

¹Toe is daar vir my 'n meetstok gegee wat soos 'n septer lyk, en daar is vir my gesê: “Staan op en meet die tempel van God en die altaar en die mense wat God daar aanbid.

²Maar die voorhof, wat buitekant die tempel is, moet jy heeltemal uitlaat en dit nie meet nie, omdat dit aan die heidene oorgegee is, en hulle sal die heilige stad twee en veertig maande lank vertrap.

³“Ek sal aan my twee getuies opdrag gee, en hulle sal, met rouklere aan, my boodskap twaalf honderd en sestig dae lank verkondig.”

⁴Hulle is die twee olyfbome en ook die twee lampe wat voor die Here van die aarde staan.

⁵As iemand hulle kwaad wil aandoen, kom daar vuur uit hulle monde uit en verteer hulle vyande. Só moet elkeen doodgemaak word wat hulle kwaad sal wil aandoen.

⁶Hulle het die mag om die hemel toe te sluit, sodat daar gedurende die hele tyd wanneer hulle God se boodskap verkondig, geen reën sal val nie. Hulle het ook die mag om al die water in bloed te verander en om die aarde met allerhande plae te tref so dikwels as hulle dit nodig vind.

⁷Wanneer hulle egter hulle getuienis klaar gelewer het, sal die dier wat uit die onderaardse diepte uit kom, teen hulle oorlog maak, hulle oorwin en hulle doodmaak.

⁸Hulle lyke sal in die hoofstraat van die groot stad lê waar hulle Here ook gekruisig is. Die stad word sinnebeeldig Sodom en Egipte genoem.

⁹Mense van al die volke, stamme, tale en nasies sal hulle lyke drie en 'n half dae lank daar sien lê en nie toelaat dat hulle begrawe word nie.

¹⁰Die bewoners van die aarde sal bly wees oor hulle dood en hulle daaroor verheug. Hulle sal vir mekaar geskenke stuur. Hierdie twee profete was immers vir die bewoners van die aarde tot 'n teistering.

¹¹Ná die drie en 'n half dae het daar egter asem en lewe van God af in hulle gekom. Hulle het opgestaan, en groot vrees het almal oorval wat hulle gesien het.

¹²Hulle hoor toe 'n harde stem uit die hemel vir hulle sê: “Kom op hierheen!” Toe het hulle in 'n wolk na die hemel toe opgevaar, en hulle vyande het dit gesien.

¹³Op daardie oomblik was daar 'n groot aardbewing, en 'n tiende van die stad het inmekaargestort. Sewe duisend mense het in die aardbewing omgekom, en die ander het bevrees geraak en aan die God van die hemel die eer gegee.

¹⁴Die tweede “Wee!” is verby. Kyk, die derde kom gou.

Die sewende trompet

¹⁵Toe het die sewende engel op sy trompet geblaas. Daar was stemme in die hemel wat hard uitgeroep het: “Die koningskap oor die wêreld behoort aan ons Here en sy Gesalfde, en Hy sal as koning heers tot in alle ewigheid.”

¹⁶Die vier en twintig ouderlinge wat op hulle trone voor God sit, het toe gekniel met hulle gesigte na die grond toe en het God aanbid

¹⁷en gesê: “Ons dank U, Here God, Almagtige, U wat is en wat was, dat U nou u groot mag gebruik en as koning heers.

¹⁸Die nasies was woedend, maar nou het die tyd vir u oordeel gekom. Die eindtyd het aangebreek: die dooies word geoordeel; aan u dienaars, die profete, en aan die gelowiges, dié wat U vrees, klein en groot, word hulle loon gegee; en dié wat die aarde vernietig, word vernietig.”

¹⁹Toe het God se tempel, wat in die hemel is, oopgegaan, en sy verbondsark wat in sy tempel is, het sigbaar geword. Daar het toe weerligstrale, dreunings, donderslae, 'n aardbewing en 'n groot haelstorm gekom.

Die Openbaring 12

Die vrou en die draak

¹Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn: daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre.

²Sy was swanger en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar.

³Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone.

⁴Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring.

⁵Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe,

⁶en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg.

⁷Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer,

⁸maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie,

⁹want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom.

¹⁰Toe het ek 'n stem in die hemel gehoor wat hard uitgeroep het: “Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het.

¹¹Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so lief gehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

¹²Daarom, hemel en dié wat daarin bly, verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag daar ellende omdat die duiwel na julle toe gekom het met groot woede en met die wete dat hy min tyd het.”

¹³Toe die draak sien dat hy op die aarde gegooi is, het hy die vrou agtervolg wat die seun in die wêreld gebring het.

¹⁴Maar aan die vrou is twee groot arendsvlerke gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek toe, kon vlieg. Daar word sy die hele vasgestelde tyd, weg van die slang af, versorg.

¹⁵Die slang het toe 'n stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, sodat sy deur die stroom meegesleur kon word,

¹⁶maar die aarde het die vrou te hulp gekom. Dit het oopgegaan en die stroom opgesluk wat die draak uit sy bek uitgespoeg het.

¹⁷Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het.

¹⁸Die draak het toe op die seestrand gaan staan.

Die Openbaring 13

Die dier uit die see

¹En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name.

²Die dier wat ek gesien het, het soos 'n luiperd gelyk. Sy pote was soos dié van 'n beer en sy bek soos dié van 'n leeu. Die draak het sy mag, sy troon en groot gesag aan hom gegee.

³Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop.

⁴Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het. Hulle het ook die dier aanbid en gesê: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer? ”

⁵Die dier is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande lank gesag uit te oefen.

⁶Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster.

⁷Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie.

⁸Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

⁹As iemand kan hoor, moet hy hierna luister!

¹⁰As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak. Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.

Die dier uit die aarde

¹¹Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat.

¹²Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit. Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die dodelike wond genees het.

¹³Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien.

¹⁴Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van die aarde ook aan om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat weer lewend geword het.

¹⁵Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie.

¹⁶Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra

¹⁷en laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe die mense wat die merk het. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam.

¹⁸Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig.

Die Openbaring 14

Die honderd vier en veertig duisend op Sionsberg

¹Toe het ek die Lam op Sionsberg sien staan en by Hom honderd vier en veertig duisend mense met sy Naam en sy Vader se Naam op hulle voorkoppe geskrywe.

²En ek het 'n geluid uit die hemel uit hoor kom wat soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer geklink het. Die geluid wat ek gehoor het, was ook soos dié van sitterspelers wat op hulle sitters speel.

³Hierdie mense sing 'n nuwe lied daar voor die troon en voor die vier lewende wesens en die ouderlinge. Niemand anders as net hierdie honderd vier en veertig duisend mense, wat van die aarde af losgekoop is, kon hierdie lied leer nie.

⁴Dit is hulle wat hulle nie met vrouens besoedel het nie; hulle het kuis gebly. Hulle volg die Lam waar Hy ook al gaan. Hulle is onder die mense uit losgekoop as eerstelinge vir God en vir die Lam.

⁵Uit hulle mond het daar nooit 'n leuen gekom nie. Hulle is onberispelik.

Die aankondiging van die oordeel

⁶Toe het ek 'n engel hoog in die lug sien vlieg. Hy het 'n goeie boodskap gehad wat vir ewig van krag bly. Hy moes dit aan die bewoners van die aarde, aan elke nasie, stam, taal en volk verkondig,

⁷en hy het met 'n harde stem uitgeroep: “Vrees God en gee aan Hom die eer, want die tyd het aangebreek vir sy oordeel. Aanbid Hom wat die hemel en die aarde, die see en die waterbronne gemaak het.”

⁸n Tweede engel het agter die eerste aan gevlieg en uitgeroep: “Geval, geval het die grote Babilon wat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid laat drink het.”

⁹n Derde engel het agter die eerste twee aan gevlieg en hard uitgeroep: “Wie die dier en sy beeld aanbid en 'n merk op sy voorkop of op sy hand aanvaar,

¹⁰sal van die wyn van God se toorn moet drink. Dit word onverdun in die beker van sy oordeel ingeskink. In die teenwoordigheid van die heilige engele en die Lam sal hy met vuur en swael gepynig word.

¹¹Die rook van hierdie pyniging styg tot in alle ewigheid op, en hierdie mense het dag en nag geen rus nie, hulle wat die dier en sy beeld aanbid, en dié wat die merk van sy naam aanvaar.”

¹²Hier het die gelowiges volharding nodig, hulle wat die gebooie van God nakom en in Jesus bly glo.

¹³Toe het ek 'n stem uit die hemel hoor sê: “Skryf op! Geseënd is dié wat van nou af in die Here sterwe.” “Ja,” sê die Gees, “hulle sal rus van hulle arbeid, want alles wat hulle gedoen het, volg hulle.”

Die voltrekking van die oordeel

¹⁴Toe het ek 'n wit wolk gesien. Op die wolk het daar Iemand soos die Seun van die mens gesit. Hy het 'n goue kroon op sy kop gehad en 'n skerp sekel in sy hand.

¹⁵n Engel het uit die tempel uitgekom en hard geroep na Hom wat op die wolk sit: “Steek u sekel in en oes, want die tyd het gekom om te oes. Die aarde is ryp vir die oes.”

¹⁶Hy wat op die wolk sit, het toe sy sekel ingestek op die aarde, en die aarde is afgeoes.

¹⁷Toe het daar 'n ander engel uit die tempel wat in die hemel is, uitgekom. Hy het ook 'n skerp sekel gehad.

¹⁸Nog 'n ander engel het van die altaar se kant af gekom. Hy het mag oor die vuur gehad en het met 'n harde stem geroep na die engel wat die skerp sekel

het, en vir hom gesê: “Steek jou skerp sekel in en sny die druiwetrosse van die wingerd op die aarde af, want sy druiwe het ryp geword.”

¹⁹Die engel het toe sy sekel op die aarde ingestek. Hy het die wingerd op die aarde afgeoes en die oes in die groot parskuip van God se toorn gegooi.

²⁰Die parskuip, buitekant die stad, is getrap. Uit die parskuip het daar bloed uitgekom wat tot aan die tooms van die perde geraak en sestion honderd kilometer ver gestrek het.

Die Openbaring 15

Die sewe engele met die laaste plaë

¹Toe het ek 'n ander groot en wonderbaarlike teken in die hemel gesien. Ek het sewe engele gesien wat die sewe laaste plaë bring. Daarmee het die toorn van God sy einde bereik.

²En ek het iets soos 'n spieëlgladde see met vuur daarin gesien. Die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam, het by die spieëlgladde see gestaan met siters wat hulle van God gekry het.

³Hulle sing die lied van Moses, die dienaar van God. Dit is ook die lied van die Lam: “Groot en wonderbaarlik is u daad, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies.

⁴Wie sal U nie vrees nie, Here, en u Naam nie verheerlik nie? U alleen is heilig! Al die nasies sal kom en U aanbid, want hulle sal sien dat u handelwyse regverdig is.”

⁵Hierna het ek gesien: die tempel in die hemel, die woonplek van God, is oopgemaak,

⁶en die sewe engele wat die sewe plaë bring, het uit die tempel uitgekom. Hulle het helder blink klere aangehad, en elkeen het 'n goue band om die bors gehad.

⁷Een van die vier lewende wesens het toe aan die sewe engele sewe goue bakke gegee, gevul met die toorn van God, van Hom wat tot in alle ewigheid lewe.

⁸Die tempel het vol rook geword vanweë die heerlikheid en die mag van God, en niemand kon in die tempel ingaan voordat die sewe plae van die sewe engele hulle einde bereik het nie.

Die Openbaring 16

Die eerste vier bakke

¹Toe het ek uit die tempel 'n harde stem vir die sewe engele hoor sê: “Gaan gooi die sewe bakke, gevul met die toorn van God, op die aarde uit! ”

²Die eerste engel het toe gegaan en sy bak op die land uitgegooi. Daar het kwaadaardige en pynlike swere uitgekom aan die mense wat die merk van die dier aan hulle het en wat sy beeld aanbid.

³Die tweede engel het sy bak in die see uitgegooi. Dit het bloed geword soos die bloed van 'n dooie, en alles wat in die see lewe, het doodgegaan.

⁴Die derde engel het sy bak in die riviere en die waterbronne uitgegooi. Dit het ook bloed geword.

⁵Toe het ek die engel wat oor die water toesig hou, hoor sê: “U is regverdig, U wat is en wat was, U, die Heilige, omdat U hierdie oordeel voltrek het;

⁶want hulle het die bloed van die gelowiges en van die profete vergiet, en U het hulle self bloed laat drink. Dit het hulle verdien.”

⁷Toe het ek die engel wat oor die altaar toesig hou, hoor sê: “Ja, Here God, Almagtige, betroubaar en reg is u oordele.”

⁸Die vierde engel het toe sy bak op die son uitgegooi. Daardeur is aan die son die vermoë verleen om die mense met vuur te brand.

⁹Die mense is deur 'n groot hitte gebrand, en hulle het die Naam gelaster van God wat die mag oor hierdie plae het. En hulle het hulle nie bekeer nie en aan Hom nie die eer gegee nie.

Die vyfde bak

¹⁰Die vyfde engel het toe sy bak op die troon van die dier uitgegooi, en daar het duisternis oor die koninkryk van die dier gekom. Die mense het hulle tonge stukkend gebyt van die pyn

¹¹en het die God van die hemel gelaster oor die pyn wat hulle moet verduur, en oor die swere. En hulle het hulle nie bekeer van hulle verkeerde praktyke nie.

Die sesde bak

¹²Die sesde engel het toe sy bak op die groot Eufraatrivier uitgegooi. Die water daarvan het opgedroog om 'n pad vir die konings uit die ooste oop te maak.

¹³Toe sien ek uit die bek van die draak en uit die bek van die dier en uit die mond van die vals profeet drie onrein geeste kom wat soos paddas lyk.

¹⁴Hierdie geeste, wat wondertekens doen, is bese geeste. Hulle gaan na die konings van die hele wêreld toe om hulle byeen te bring vir die oorlog op die groot dag van God, die Almagtige.

¹⁵“Kyk, Ek kom onverwags soos 'n dief. Geseënd is die een wat wakker bly en sy klere reghou, sodat hy nie kaal hoef te loop en die mense sy skande sien nie.”

¹⁶Die geeste het die konings byeengebring op die plek wat in Hebreeus Armageddon genoem word.

Die sewende bak

¹⁷Die sewende engel het toe sy bak in die lug uitgegooi. Van die troon in die tempel af het daar 'n stem hard uitgeroep: “Dit is verby! ”

¹⁸Toe het daar weerligstrale, dreunings en donderslae gekom. Daar was ook 'n groot aardbewing soos daar nog nie was vandat die mens op die aarde gekom het nie, so 'n geweldige groot aardbewing was dit.

¹⁹Die groot stad het in drie dele geskeur, en die stede van die nasies het inmekaargestort. God het ook nie vergeet om vir die grote Babilon die beker met die wyn van sy gloeiende toorn te gee nie.

²⁰Al die eilande het verdwyn, en berge was daar ook nie meer nie.

²¹Groot haelstene, elkeen omtrent vyftig kilogram swaar, het van die hemel af op die mense geval. En die mense het God gelaster oor die plaag van die hael, omdat die plaag verskriklik groot was.

Die Openbaring 17

Die sedelose vrou

¹Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het, gekom en met my gepraat. “Kom,” het hy gesê, “ek sal jou wys hoe die oordeel voltrek word oor die berugte sedelose vrou wat by baie waters bly

²en met wie die konings van die aarde onsedelik verkeer het. Die bewoners van die aarde het dronk geword van die wyn van haar onsedelikheid.”

³Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na die woestyn toe geneem. Daar het ek 'n vrou gesien wat op 'n helderrooi dier sit. Die dier was oortrek met godslasterlike name en het sewe koppe en tien horings gehad.

⁴Die vrou was uitgedos in pers en helderrooi klere en opgetooi met goud, edelstene en pêrels. In haar hand het sy 'n goue beker vol losbandigheid gehad, die onreinheid van haar onsedelikheid.

⁵Op haar voorkop was haar naam geskrywe en dit het 'n verborge betekenis. Die naam was: “Groot Babilon, die moeder van die sedeloses en van die losbandigheid op die aarde.”

⁶En ek het gesien dat die vrou dronk is van die bloed van die gelowiges, van die bloed van die mense wat vir Jesus getuig het.

Die betekenis van die dier

Toe ek haar sien, het ek my baie verwonder.

⁷Die engel sê toe vir my: “Waarom verwonder jy jou? Ek sal jou vertel wat die verborge betekenis is van die vrou en van die dier wat haar dra, wat die sewe koppe en die tien horings het.

⁸“Die dier wat jy gesien het, was eers en is nie nou nie. Hy gaan uit die onderaardse diepte uit kom en gaan na die verderf toe. Die bewoners van die aarde wie se name nie van die skepping van die wêreld af in die boek van die

lewe geskrywe staan nie, sal verwonderd wees as hulle die dier sien, want eers was hy en nou is hy nie en tog sal hy wees.

⁹“Hier is verstand en wysheid nodig. Die sewe koppe is sewe berge. Daar by hulle het die vrou haar setel. Verder is hulle ook sewe konings.

¹⁰Die eerste vyf het geval. Die sesde is nou hier. Die ander een het nog nie gekom nie; en wanneer hy kom, moet hy 'n kort rukkie bly.

¹¹Die dier wat eers was en nie nou is nie, is self die agste. Hy hoort by die sewe en gaan na die verderf toe.

¹²“Die tien horings wat jy gesien het, is tien konings. Hulle het nog nie die koningskap gekry nie, maar hulle kry saam met die dier een uur lank gesag as konings.

¹³Hulle het een en dieselfde doel voor oë, en hulle stel hulle mag en gesag tot die dier se beskikking.

¹⁴Hulle sal teen die Lam oorlog voer, maar die Lam en saam met Hom dié wat geroep en uitverkies en getrou is, sal hulle oorwin, omdat Hy die Here van die heersers en die Koning van die konings is.”

Die ondergang van die sedelose vrou

¹⁵Verder het hy vir my gesê: “Die waters wat jy gesien het waar die sedelose vrou bly, is volke en stamme, nasies en tale.

¹⁶“Die tien horings wat jy gesien het, en die dier, hulle sal die sedelose vrou haat en haar kaal en verlate maak. Hulle sal haar vleis opeet en haar met vuur verbrand.

¹⁷God het hulle gedagtes so gerig dat wat hulle doen, volgens sy bedoeling is: hulle het een en dieselfde doel voor oë en hulle stel hulle koningskap tot die dier se beskikking totdat God sy woorde in vervulling laat gaan het.

¹⁸“Die vrou wat jy gesien het, is die groot stad wat heerskappy oor die konings van die aarde uitoefen.”

Die Openbaring 18

Die val van Babilon

¹Hierna het ek 'n ander engel uit die hemel uit sien afkom. Hy het groot gesag gehad, en die aarde is deur sy heerlikheid verlig.

²Hy het met 'n sterk stem uitgeroep: “Geval, geval het die grote Babilon. Dit het die blyplek van die bese geeste geword, die skuilplek van alle onrein geeste, die skuilplek van alle onrein roofvoëls en die skuilplek van alle onrein en afskuwelike diere,

³omdat al die nasies van die dwelmdrank van haar onsedelikheid gedrink het. Die konings van die aarde het onsedelik met haar verkeer, en die sakemanne van die aarde het ryk geword uit haar grenselose weelde.”

⁴Toe het ek 'n ander stem uit die hemel hoor sê: “Gaan uit haar uit, my volk, sodat julle nie aan haar sondes deel kry en die plaë wat oor haar kom, julle ook tref nie.

⁵Haar sondes het tot aan die hemel opgehoop, en God het haar ongeregthede onthou.

⁶Behandel haar soos sy julle behandel het, en vergeld haar dubbel soveel as wat sy julle aangedoen het. In die beker waarin sy vir julle ingeskink het, moet julle vir haar twee keer soveel inskink.

⁷In die mate waarin sy gepronk en in wellus gelewe het, in dié mate moet julle haar pyn en droefheid aandoen. Sy sê by haarself: ‘Ek sit as koningin op my troon. Ek is nie weduwee nie, en treur sal ek nooit nie.’

⁸Daarom sal al die plaë haar op een dag tref: pes, droefheid en hongersnood. Sy sal met vuur verbrand word, want sterk is die Here God wat haar oordeel.”

Die konings huil oor haar val

⁹Die konings van die aarde wat onsedelik met haar gelewe en hulle daarin verlustig het, sal huil en te kere gaan oor haar wanneer hulle die rook sien soos sy verbrand word.

¹⁰Hulle sal ver weg staan uit vrees vir die pyniging wat haar aangedoen word, en sal sê: “Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad, Babilon, die sterk stad! In een oomblik het die oordeel oor jou gekom! ”

Die sakemanne huil oor haar val

¹¹Die sakemanne van die aarde huil en kerm oor haar, omdat daar niemand meer is om hulle goed te koop nie:

¹²goue goed en silwergoed, edelstene en pêrels, fyn pers klere en helderrooi syklere, allerhande skaars soorte hout, allerhande dinge van ivoor en allerhande dinge van duur hout, van koper, van yster en van marmer,

¹³kaneel en speserye, wierook, reukolie en reukwater, wyn en olyfolie, koring en meel, beeste en skape, perde, waens en slawe en selfs die lewens van mense.

¹⁴Daar sal gesê word: “Hierdie produkte wat die lus van jou lewe was, is nou daarmee heen. Al die weelde en skittering is nou vir jou verlore en sal nêrens en nooit meer gevind word nie.”

¹⁵Die sakemanne wat met hierdie goed handel gedrywe en so van haar ryk geword het, sal ver weg staan uit vrees vir die pyniging wat haar aangedoen word. Hulle sal huil en kerm

¹⁶en sê: “Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad, uitgedos in fyn klere, pers en helderrooi, en opgetooi met goud, edelstene en pêrels!

¹⁷In een oomblik is soveel rykdom verwoes! ”

Die seemanne huil oor haar val

Al die skeepskapteins en almal wat êrens heen vaar, die matrose en almal wat van die see lewe, het ver weg gestaan

¹⁸en het geskreeu toe hulle die rook sien soos sy verbrand word. Hulle het gesê: “Watter stad kon met dié groot stad vergelyk word? ”

¹⁹Hulle het stof op hulle koppe gegooi en geskreeu. Hulle het gehuil en gekerm en gesê: “Hoe vreeslik, hoe vreeslik! Die groot stad! Almal wat skepe op see het, het ryk geword van haar skatte. In een oomblik is sy verwoes! ”

²⁰Verheug jou daaroor, hemel, en julle, gelowiges, apostels en profete! God het die oordeel waarmee sy julle getref het, oor haar voltrek.

Die stad se val is permanent

²¹Toe het 'n sterk engel 'n groot klip, so groot soos 'n meulsteen, gevat en dit in die see gegooi en gesê: “So, met geweld, sal Babilon, die groot stad, neergegooi word, en niemand sal hom ooit weer kry nie.

²²Die musiek van sitterspelers en sangers, van fluitspelers en trompetblasers sal nooit weer in jou gehoor word nie. Geen ambagsman van watter ambag ook al sal ooit weer in jou gekry word nie. Die gedreun van 'n meul sal nooit weer in jou gehoor word nie.

²³Die lig van 'n lamp sal nooit weer in jou skyn nie. Die stemme van bruid en bruidegom sal nooit weer in jou gehoor word nie. Jou sakemanne was die heersers van die aarde, en deur jou bedrog is al die nasies mislei.”

²⁴Babilon is skuldig aan die bloed van die profete en die gelowiges, almal wat op die aarde doodgemaak is.

Die Openbaring 19

Vreugde in die hemel

¹Hierna het ek iets gehoor soos die harde geluid van 'n groot menigte in die hemel wat uitroep: “Prys die Here! Die oorwinning, die heerlikheid en die mag behoort aan ons God!

²Regverdig en reg is sy oordele, want Hy het die oordeel voltrek oor die sedelose vrou wat die aarde deur haar onsedelikheid verwoes het. Hy het die dood van sy dienaars op haar gewreek.”

³Verder het hulle uitgeroep: “Prys die Here! Haar rook styg tot in alle ewigheid op.”

⁴Die vier en twintig ouderlinge en die vier lewende wesens het gekniel en God aanbid wat op die troon sit. Hulle het gesê: “Amen! Prys die Here! ”

Die bruilof van die Lam

⁵Toe het daar 'n stem van die troon af gekom wat gesê het: “Loof ons God, al sy dienaars, dié wat Hom vrees, klein en groot! ”

⁶Ek het toe iets gehoor soos die geluid van 'n groot menigte, soos die gedruis van 'n groot watermassa en soos die gedreun van swaar donderweer. Hulle het uitgeroep: “Prys die Here! Die Here ons God, die Almagtige, heers nou as koning.

⁷Laat ons bly wees en juig en aan Hom die eer gee, want die bruilof van die Lam het aangebreek, en sy bruid het haar daarvoor gereed gemaak.

⁸God het haar dit vergun om fyn, helder blink klere aan te trek.” Hierdie fyn klere is die regverdige daade van die gelowiges.

⁹Toe sê die engel vir my: “Skryf op: Geseënd is hulle wat na die bruilofsmaal van die Lam uitgenooi is.” Verder sê hy vir my: “Dit is die woorde van God, en hulle is waar.”

¹⁰Toe het ek voor sy voete op my knieë neergeval om hom te aanbid. “Pas op, moenie! ” sê hy toe vir my. “Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges wat aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. Aanbid God, want dit is Jesus wat die getuienis gelewer het, en dit is die Gees wat die profesie gegee het.”

Die Ruiter op die wit perd

¹¹Toe het ek gesien die hemel is oop. Daar was 'n wit perd. Sy Ruiter word die Getroue en die Betroubare genoem. Met regverdigheid oordeel Hy en voer Hy oorlog.

¹²Sy oë het soos vuur gevlam, en op sy kop was daar baie heerserskrone. Daar was 'n Naam op Hom geskrywe wat niemand anders ken nie, net Hy self.

¹³Hy het klere aangehad wat met bloed deurweek was, en sy Naam is: “Die Woord van God.”

¹⁴Die leërs in die hemel het op wit perde agter Hom aan gery. Hulle het fyn, helder wit klere aangehad.

¹⁵Uit sy mond het daar 'n skerp swaard uitgekom om die nasies mee te tref, en Hy sal hulle met 'n ystersepter regeer. Hy sal self die parskuip trap vir die wyn, die wyn van die toorn en die oordeel van God, die Almagtige.

¹⁶Op sy klere, by sy heupe, was daar 'n Naam geskrywe: “Die Koning van die konings en die Here van die heersers.”

¹⁷Toe het ek 'n engel by die son sien staan. Hy het met 'n harde stem uitgeroep en vir al die roofvoëls, wat hoog in die lug vlieg, gesê: “Kom, kom bymekaar vir die groot feesmaal wat God gereed maak!

¹⁸Kom eet die vleis van die konings, die vleis van die opperbevelhebbers, die vleis van die magtiges en die vleis van die perde en hulle ruiters, ja, die vleis van allerhande mense: vryes en slawe, klein en groot.”

¹⁹Toe het ek gesien dat die dier en die konings van die aarde met hulle leërs bymekaargekom het om oorlog te maak teen die Ruiter op die wit perd en teen sy leër.

²⁰Die dier is toe gevange geneem en saam met hom ook die vals profeet wat die wondertekens vir die dier gedoen en daarmee die mense mislei het wat die merk van die dier aanvaar en sy beeld aanbid het. Hulle twee is lewend in die vuurpoel gegooi wat met swael brand.

²¹Die ander mense is doodgemaak met die swaard wat uitgegaan het uit die mond van die Ruiter op die wit perd. Al die roofvoëls het hulle dik geëet aan die vleis.

Die Openbaring 20

Die Satan word vir duisend jaar vasgebind

¹Toe het ek 'n engel uit die hemel uit sien kom met die sleutel van die onderaardse diepte en met 'n groot ketting in sy hand.

²Hy het die draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan is, gegryp en hom vir duisend jaar vasgebind.

³Hy het hom in die onderaardse diepte gegooi, dit toegesluit en dit bokant hom verseël sodat hy nie meer die nasies kan verlei voordat die duisend jaar om is nie. Daarna moet hy 'n klein rukkie losgelaat word.

⁴Toe het ek trone gesien en die siele van die mense wat onthoof is omdat hulle aan die getuienis van Jesus en die woord van God vasgehou het. Hulle het op die trone gaan sit, en aan hulle is die bevoegdheid gegee om as regters op te tree. Dit is hulle wat nie die dier en sy beeld aanbid het nie en nie die merk op die voorkop en op die hand aanvaar het nie. Hulle het lewend geword en saam met Christus duisend jaar lank geregeer.

⁵Dit is die eerste opstanding. Die ander dooies het nie lewend geword voordat die duisend jaar om was nie.

⁶Geseënd en heilig is dié wat aan die eerste opstanding deel het. Oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom die duisend jaar lank regeer.

Die Satan word oorwin

⁷Wanneer die duisend jaar om is, sal die Satan uit sy gevangenskap losgelaat word.

⁸Dan sal hy gaan om die nasies wat tussen die vier uithoeke van die aarde is, die Gog en Magog, te verlei, en om hulle byeen te bring vir die oorlog. Hulle is so baie soos die sand van die see.

⁹Hulle het oor die hele oppervlakte van die aarde aangekom en die laer van die gelowiges en die geliefde stad omsingel. Toe het daar vuur van die hemel af gekom en hulle verteer.

¹⁰Die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swael gegooi, daar waar die dier en die vals profeet ook is. Hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.

Die laaste oordeel

¹¹Toe het ek 'n groot wit troon gesien en die Een wat daarop sit. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee, en daar was nie meer plek vir hulle nie.

¹²Ek het die dooies, groot en klein, voor die troon sien staan, en die boeke is oopgemaak. Daar is ook 'n ander boek oopgemaak, dit is die boek van die lewe. Die dooies is toe geoordeel volgens wat daar in die boeke geskrywe staan oor alles wat hulle gedoen het.

¹³Die see het die dooies teruggegee wat daarin was, en die dood en die doderyk het die dooies teruggegee wat in hulle was, en oor elkeen is geoordeel volgens wat hy gedoen het.

¹⁴Toe is die dood en die doderyk in die vuurpoel gegooi. Dit is die tweede dood, die vuurpoel.

¹⁵As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.

Die Openbaring 21

Die nuwe hemel en die nuwe aarde

¹Toe het ek 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie.

²En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos 'n bruid wat vir haar man versier is.

³Toe het ek 'n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.

⁴Hy sal al die tranes van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”

⁵Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.” En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.”

⁶Verder sê Hy vir my: “Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde. Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.

⁷Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun wees.

⁸“Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes, bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael brand, dit is die tweede dood.”

Die nuwe Jerusalem

⁹Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was, gekom en met my gepraat. “Kom,” het hy gesê, “ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam.”

¹⁰Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na 'n groot hoë berg toe geneem en die heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom.

¹¹Die stad het die heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos 'n kristalhelder opaal.

¹²Die stad het 'n groot hoë muur met twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf engele, en op die poorte is daar name geskrywe, dié van die twaalf stamme van die volk Israel.

¹³Aan die oostekant is daar drie poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die westekant drie.

¹⁴Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar ook twaalf name, dié van die twaalf apostels van die Lam.

¹⁵Die engel wat met my gepraat het, het 'n goue meetstok gehad om daarmee die stad self, sy poorte en sy muur te meet.

¹⁶Die stad is vierkantig, net so lank as wat hy breed is. Hy het die stad toe met die meetstok gemeet. Die lengte, die breedte en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf duisend kilometer.

¹⁷Hy het ook die muur om die stad gemeet. Dit is honderd vier en veertig meter hoog. Die engel het die mate van mense gebruik.

¹⁸Die muur is met opaal gebou en die stad self met suiwer goud wat soos 'n skoon spieël lyk.

¹⁹Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaats, die vierde met smarag,

²⁰die vyfde met sardoniks, die sesde met karneool, die sewende met chrisoliet, die agste met beril, die negende met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis.

²¹Die twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die stad is van suiwer goud, blink soos 'n spieël.

²²'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam.

²³Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp.

²⁴Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die konings van die aarde verleen luister daaraan.

²⁵Die poorte daarvan word gedurende die hele dag nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie.

²⁶Die mense sal die luister en die rykdom van die nasies daarheen bring.

²⁷Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam geskrywe staan.

Die Openbaring 22

¹Toe het die engel my die rivier met die water van die lewe gewys. Dit is helder soos kristal en dit stroom uit die troon van God en van die Lam uit.

²Tussen die hoofstraat van die stad aan die een kant en die rivier aan die ander kant staan die boom van die lewe. Hy dra twaalf keer per jaar vrugte: elke maand lewer hy sy vrugte. Die blare van die boom bring genesing vir die nasies.

³Daar sal niks meer wees wat deur God vervloek is nie. Die troon van God en van die Lam sal in die stad wees, en sy dienaars sal Hom dien.

⁴Hulle sal Hom sien, en sy Naam sal op hulle voorkoppe wees.

⁵Daar sal nie meer nag wees nie. Die mense het nie die lig van 'n lamp en die lig van die son nodig nie, omdat die Here God hulle sal verlig, en hulle sal tot in alle ewigheid regeer.

Die wederkoms van Jesus

⁶Toe sê die engel vir my: “Hierdie woorde is betroubaar en waar. Die Here God, wat sy Gees aan die profete gee, het sy engel gestuur om vir sy dienaars te wys wat binnekort moet gebeur.”

⁷Jesus sê toe: “Kyk, Ek kom gou! Geseënd is elkeen wat die woorde van hierdie profetiese boek ter harte neem.”

⁸Dit is ek, Johannes, wat dit alles gehoor en gesien het. Toe ek dit gehoor en gesien het, het ek voor die voete van die engel wat dit alles vir my gewys het, op my knieë neergeval om hom te aanbid.

⁹“Pas op, moenie! ” sê hy toe vir my. “Ek is 'n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God! ”

¹⁰Verder sê hy vir my: “Moenie die woorde van hierdie profetiese boek geheim hou nie, want die eindtyd is naby.

¹¹Wie kwaad doen, moet voortgaan om kwaad te doen, en wie vuil is, moet vuil bly; maar wie doen wat reg is, moet voortgaan om reg te doen, en wie heilig is, moet heilig bly.”

¹²Jesus sê toe weer: “Kyk, Ek kom gou! Ek bring die loon saam met My om elkeen te beloon vir wat hy gedoen het.

¹³Ek is die Alfa en die Omega, die Eerste en die Laaste, die Begin en die Einde.

¹⁴“Geseënd is dié wat hulle klere was, sodat hulle reg kan hê op die boom van die lewe en deur die poorte in die stad kan ingaan.

¹⁵Buitekant is die dwaalleraars, die bedrieërs en die onsedelikes, die moordenaars en die afgodsdienaars en almal wat valsheid liefhet en doen.

¹⁶“Ek, Jesus, het my engel gestuur om dit alles aan julle in die gemeentes te betuig. Ek is die Wortel, dit is, die Nakomeling van Dawid. Ek is die helder Môrester.”

¹⁷Die Gees en die bruid sê: “Kom! ” En elkeen wat dit hoor, moet sê: “Kom! ” En elkeen wat dors het, moet kom; elkeen wat die water van die lewe wil hê, moet dit kom kry, verniet!

¹⁸Ek betuig aan almal wat die woorde van hierdie profetiese boek hoor: As iemand iets hieraan byvoeg, sal God vir hom die plaë byvoeg waarvan in hierdie boek geskrywe is;

¹⁹en as iemand een van die woorde van hierdie profetiese boek wegneem, sal God sy deel aan die boom van die lewe en aan die heilige stad wegneem waarvan in hierdie boek geskrywe is.

²⁰Hy wat dit alles getuig, sê: “Ja, Ek kom gou! ” Amen! Kom, Here Jesus!

²¹Die genade van die Here Jesus sal by almal wees.

Esclarecimento

Trata-se de iniciativa particular, com os seguintes objetivos: (i) colaborar para divulgação dos diversos textos bíblicos disponíveis, e, (ii) facilitar o acesso a esses textos, inclusive por meio de download.

Todo esforço em tornar a Palavra de Deus acessível a todos, em quaisquer localidades e falantes das mais diversas línguas, precisa ser um objetivo de todos os que são guiados pelo Espírito Santo. Ele inspirou o profeta Jeremias a dizer “não ensinará jamais cada um ao seu próximo, nem cada um ao seu irmão, dizendo: Conhece ao SENHOR, porque todos me conhecerão, desde o menor até ao maior deles, diz o SENHOR” (Jer. 31:34).

Jesus, também, falou assim: “e será pregado este evangelho do reino por todo o mundo, para testemunho a todas as nações” (Mat. 24:14).

Muitas organizações foram constituídas com o propósito de fazer a Bíblia disponível nas diversas línguas. Não é uma tarefa simples. Anos de trabalho, dedicação e entrega são necessários para esta tão extraordinária missão.

O texto deste trabalho está disponível na internet, em páginas eletrônicas de organizações que produzem ou divulgam bíblias, sem acréscimos de notas ou comentários. Assim, reconhecendo e respeitando os direitos que possuem sobre seus trabalhos, incumbe a todos os que amam a Palavra de Deus, o esforço em contribuir para amplificar sua divulgação.

Se possível, faça download do texto, para que sejamos, também, guardiões da Bíblia, e, com isso, preservando-a para as futuras gerações.

Divulga a Palavra de Deus, ela mostra o Caminho e permite a todos, que se conheça Sua vontade, em todos os lugares e épocas.

Marcel da Glória Pereira
2021, Vitória/ES - Brasil